# Nuwe Wêreld-vertaling
van die
# Heilige Skrif


ITALIË
ROME
MASEDONIË
Filippi
GRIEKELAND
ATENE
Korinte
Efese
SISILIË
PATMOS
RODOS
MALTA
KRETA
Middellandse See
(Groot See)
LIBIË
N
0 m.
500
0 km
500


Swart See
KLEIN-ASIË
Antiogië
(van Pisidië)
Tarsus
ARARAT-GEB.
Tuin
van Eden?
ASSIRIË
MEDIË
Haran
NINEVE
Antiogië
(van Sirië)
SIPRUS
SIRIË
Eufraatrivier
Tigrisrivier
Sidon
Damaskus
Tirus
Sesarea
BELOOFDE
LAND
JERUSALEM
MOAB
BABILON
Susan
GALDEA
Ur
Kades
EDOM
MEMFIS
EGIPTE
Berg Sinai
ARABIË
Nylrivier
Rooi See
bi12-AF

# Nuwe Wêreld-vertaling
## van die
# Heilige Skrif

Vertaal uit die hersiene Engelse uitgawe
van 1984
van die *New World Translation of the Holy Scriptures*

"Só het die Soewereine Heer Jehovah [יהוה, *JHWH*] gesê:
'. . . Kyk, ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde;
en die vorige dinge sal nie onthou word nie,
en ook sal dit nie in die hart opkom nie.'"
—Jesaja 65:13, 17; sien ook 2 Petrus 3:13.

© 2001
WATCH TOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY
OF PENNSYLVANIA

100 Watchtower Drive
Patterson, NY 12563-9204
U.S.A.

*Nuwe Wêreld-vertaling van die Heilige Skrif*

UITGEWERS

WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY
OF NEW YORK, INC.
Brooklyn, New York, U.S.A.

In sy geheel of gedeeltelik in meer as 120 tale beskikbaar.
Vir 'n volledige lys tale sien www.jw.org/af.

Gesamentlike oplaag van alle uitgawes
van die *Nuwe Wêreld-vertaling:*
208 366 928 eksemplare

Druk van Maart 2014

Hierdie publikasie word nie verkoop nie. Dit word voorsien
as deel van die wêreldwye Bybelonderrigtingswerk
van Jehovah se Getuies.

*New World Translation of the Holy Scriptures*
Afrikaans (*bi12*-AF)

Made in the United States of America
Gedruk in die Verenigde State van Amerika

900 Red Mills Road
Wallkill, NY 12589-3223
U.S.A.

# VOORWOORD

DIE Heilige Bybel is ’n geskrewe openbaring van die Soewereine Heer Jehovah aan al die mense op hierdie aarde. Hierdie geïnspireerde boek vind wêreldwyd byval, aangesien dit die goeie nuus van God se Koninkryk bevat, wat vrede en regverdigheid tot stand sal bring. Die aarde sal ’n paradys vir alle mense word. Die Bybel toon dat God vir die gevalle mensdom liefdevol voorsiening gemaak het vir verlossing van die dood deur middel van die losprysoffer van sy Seun, Jesus Christus.—Johannes 3:16.

Die Bybel is oorspronklik in Hebreeus, Aramees (’n taal wat verwant is aan Hebreeus) en Grieks geskryf. Aangesien betreklik min mense vandag hierdie tale verstaan, is dit nodig om die Heilige Bybel in hedendaagse tale te vertaal sodat die lewegewende boodskap daarin aan mense van alle nasies oorgedra kan word.

Hierdie nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel is gebaseer op die Engelse weergawe van die *New World Translation of the Holy Scriptures* van 1984. Dit bevat die 39 boeke van die Hebreeus-Aramese Geskrifte en ’n hersiening van die Afrikaanse uitgawe van die 27 boeke van die Christelike Griekse Geskrifte wat in 1994 uitgegee is. Die New World Bible Translation Committee het besluit om hierdie twee dele van die Heilige Skrif te noem na die tale waarin hulle oorspronklik geskryf is eerder as om die algemene benamings, naamlik die “Ou Testament” en die “Nuwe Testament”, te gebruik. Dit is omdat die Bybel in werklikheid een werkstuk is, en geen deel daarvan is verouderd, of ‘oud’, nie. Die boodskap daarin is harmonieus van die eerste boek in die Hebreeuse deel tot die laaste boek in die Griekse deel. Daar is meer as 125 000 kruisverwysings en ’n indeks van Bybelwoorde om die leser te help met sy studie van die hele Bybel.

Aangesien die Bybel die heilige wil van die Soewereine Heer van die heelal uiteensit, sou dit ’n groot belediging, ja, ’n skending van sy majesteit en gesag wees om sy unieke Goddelike naam, wat feitlik 7 000 keer in die Hebreeuse teks voorkom, uit te laat of te verberg. Daarom is die vernaamste kenmerk van hierdie vertaling die herstelling van God se naam in sy regmatige plek in die Bybelteks. Die algemeen aanvaarde vorm “Jehovah” kom dus 6 973 keer in die Hebreeuse Geskrifte en 237 keer in die Christelike Griekse Geskrifte voor. Sien die Aanhangsel van hierdie vertaling vir ’n studie hieroor.

Die vertalers van hierdie werk, wat die Goddelike Outeur van die Heilige Skrif liefhet, is bewus van ’n besondere verantwoordelikheid teenoor hom om sy gedagtes en verklarings so akkuraat moontlik oor te dra. Hulle is ook bewus van ’n verantwoordelikheid teenoor die soekende lesers wat op ’n vertaling van die geïnspireerde Woord van die Allerhoogste God aangewese is vir hulle ewige redding. Ons hoop opreg dat die leser met behulp van hierdie vertaling die weg tot eindelose lewe in die Almagtige se nuwe wêreld van regverdigheid sal vind. —Jesaja 65:17; 2 Petrus 3:13.

—*Die uitgewers*

# NAME EN VOLGORDE VAN DIE BOEKE:
## van die Hebreeus-Aramese Geskrifte


| Boek | Afkorting | Bladsy |
|---|---|---|
| Genesis | Ge | 7 |
| Eksodus | Eks | 83 |
| Levitikus | Le | 146 |
| Numeri | Nu | 191 |
| Deuteronomium | De | 253 |
| Josua | Jos | 307 |
| Rigters | Rig | 344 |
| Rut | Rut | 383 |
| 1 Samuel | 1Sa | 388 |
| 2 Samuel | 2Sa | 438 |
| 1 Konings | 1Kn | 480 |
| 2 Konings | 2Kn | 528 |
| 1 Kronieke | 1Kr | 575 |
| 2 Kronieke | 2Kr | 617 |
| Esra | Esr | 669 |
| Nehemia | Ne | 683 |
| Ester | Est | 705 |
| Job | Job | 716 |
| Psalms | Ps | 767 |
| Spreuke | Spr | 902 |
| Prediker | Pr | 939 |
| Hooglied van Salomo | Hgl | 951 |
| Jesaja | Jes | 956 |
| Jeremia | Jer | 1033 |
| Klaagliedere | Klg | 1119 |
| Esegiël | Ese | 1130 |
| Daniël | Da | 1206 |
| Hosea | Ho | 1230 |
| Joël | Jl | 1241 |
| Amos | Am | 1245 |
| Obadja | Ob | 1254 |
| Jona | Jon | 1255 |
| Miga | Mi | 1258 |
| Nahum | Na | 1265 |
| Habakuk | Hab | 1268 |
| Sefanja | Sef | 1271 |
| Haggai | Hag | 1274 |
| Sagaria | Sag | 1277 |
| Maleagi | Mal | 1290 |


## van die Christelike Griekse Geskrifte


| Boek | Afkorting | Bladsy |
|---|---|---|
| Matteus | Mt | 1294 |
| Markus | Mr | 1342 |
| Lukas | Lu | 1372 |
| Johannes | Joh | 1423 |
| Handelinge | Han | 1462 |
| Romeine | Ro | 1513 |
| 1 Korintiërs | 1Ko | 1534 |
| 2 Korintiërs | 2Ko | 1553 |
| Galasiërs | Ga | 1567 |
| Efesiërs | Ef | 1574 |
| Filippense | Flp | 1581 |
| Kolossense | Kol | 1586 |
| 1 Tessalonisense | 1Te | 1591 |
| 2 Tessalonisense | 2Te | 1595 |
| 1 Timoteus | 1Ti | 1598 |
| 2 Timoteus | 2Ti | 1604 |
| Titus | Tit | 1608 |
| Filemon | Flm | 1610 |
| Hebreërs | Heb | 1611 |
| Jakobus | Jak | 1627 |
| 1 Petrus | 1Pe | 1632 |
| 2 Petrus | 2Pe | 1638 |
| 1 Johannes | 1Jo | 1641 |
| 2 Johannes | 2Jo | 1647 |
| 3 Johannes | 3Jo | 1647 |
| Judas | Jud | 1648 |
| Openbaring | Op | 1650 |

# GENESIS

**1** In die begin[a] het God[b] die
hemel en die aarde[c] ge-
skep.[d]
**2** En die aarde was vormloos
en woes, en daar was duister-
nis op die oppervlak van die wa-
terdiepte;[e] en God se werkende
krag het heen en weer oor die
oppervlak van die waters[f] be-
weeg.[g]
**3** En toe het God gesê:[h]
“Laat daar lig wees.” Toe was
daar lig.[i] **4** Daarna het God
gesien dat die lig goed is, en
God het ’n skeiding tussen die
lig en die duisternis teweegge-
bring.[j] **5** En God het die lig
Dag[k] begin noem, maar die
duisternis het hy Nag[l] genoem.
En dit was aand en dit was og-
gend, ’n eerste dag.
**6** En God het verder gesê:
“Laat daar ’n uitspansel[m] tus-
sen die waters wees en laat daar
’n skeiding tussen die waters en
die waters kom.”[n] **7** Toe het
God begin om die uitspansel te
maak en om ’n skeiding te maak
tussen die waters wat onder die
uitspansel moes wees en die wa-
ters wat bo die uitspansel moes
wees.[o] En dit was so. **8** En
God het die uitspansel Hemel[p]
begin noem. En dit was aand en
dit was oggend, ’n tweede dag.
**9** En God het verder gesê:
“Laat die waters onder die he-
mel op een plek versamel word
en laat die droë grond ver-
skyn.”[q] En dit was so. **10** En
God het die droë grond Aar-
de[r] begin noem, maar die ver-
sameling van die waters het hy
Seë[s] genoem. Toe het God ge-
sien dat dit goed is.[t] **11** En
God het verder gesê: “Laat die
aarde gras voortbring, plante
wat saad dra,[a] vrugtebome wat
volgens hulle soorte vrugte le-
wer,[b] waarvan die saad daarin
is,[c] op die aarde.” En dit was so.
**12** En die aarde het gras be-
gin voortbring, plante wat vol-
gens hulle soorte saad dra[d] en
bome wat vrugte lewer, waar-
van die saad daarin is volgens
hulle soorte.[e] Toe het God ge-
sien dat dit goed is. **13** En dit
was aand en dit was oggend, ’n
derde dag.
**14** En God het verder gesê:
“Laat daar ligte aan die uit-
spansel van die hemel wees om
’n skeiding tussen die dag en
die nag te maak;[f] en hulle sal
dien as tekens en vir seisoene
en vir dae en jare.[g] **15** En hul-
le sal dien as ligte aan die uit-
spansel van die hemel om op
die aarde te skyn.”[h] En dit was
so. **16** En God het die twee
groot ligte begin maak, die
grootste lig om oor die dag te
heers en die kleiner lig om oor
die nag te heers, en ook die
sterre.[i] **17** So het God hulle
aan die uitspansel van die he-
mel geplaas om op die aarde
te skyn[j] **18** en om bedags en
snags te heers en om ’n skei-
ding te maak tussen die lig en
die duisternis.[k] Toe het God ge-
sien dat dit goed is.[l] **19** En dit
was aand en dit was oggend, ’n
vierde dag.
**20** En God het verder gesê:
“Laat die waters wemel met
’n gewemel van lewende sie-
le[m] en laat voëls oor die aarde
in die uitspansel van die hemel
vlieg.”[n] **21** En God het begin
om die groot seemonsters[o] te

**HFST. 1**

a Heb 1:10
b Eks 6:3; Eks 33:20; De 6:4; Mr 10:18; Joh 4:24; Ro 1:20; 1Ko 8:4; 1Ti 1:11; 1Ti 2:5; Heb 9:24; 1Jo 4:16; Op 4:8
c Job 38:4; Ps 102:25; Jes 42:5; Op 10:6
d Ps 148:5; Jes 45:18; Op 4:11
e Job 38:30; Spr 8:27
f Ps 104:6
g Ps 33:6; Jes 40:26
h Ps 33:9
i Jes 45:7
j Job 26:10; 2Ko 4:6
k Ge 8:22
l Jer 33:20
m Ge 1:20
n Ps 33:7; 2Pe 3:5
o Ge 7:11; Spr 8:28
p Ge 27:28; De 4:17; 1Kn 8:35
q Job 38:11; Ps 104:8; Ps 136:6
r Ps 24:1; Ps 95:5
s Job 38:8; Spr 8:29
t De 32:4; 1Ti 4:4

**Tweede kol.**

a Ge 1:29; Ps 72:16; Mt 13:32
b Lu 6:44
c Hag 2:19; Jak 3:12
d Le 19:19; Ps 104:14
e Ga 6:7
f De 4:19; Ps 148:3
g Ge 8:22; 1Kr 23:31; Ps 104:19
h Jer 33:25; Ese 32:8
i Ps 8:3; Ps 136:8; Jer 31:35
j Jes 13:10
k Ps 74:16; Jes 45:7
l Ps 104:31
m Le 11:10

**n** Ge 2:19; Ge 9:10; De 4:17; Job 12:7; **o** Job 7:12; Ps 148:7.

skep en al die lewende siele wat
beweeg,[a] waarvan die waters
begin wemel het volgens hul-
le soorte, en al die gevleuelde
voëls volgens hulle soorte.[b] En
God het gesien dat dit goed is.
**22** Daarop het God hulle ge-
seën en gesê: "Wees vrugbaar
en word baie en vul die waters
in die seebekkens,[c] en laat die
voëls baie word op die aarde."
**23** En dit was aand en dit was
oggend, 'n vyfde dag.

**24** En God het verder gesê:
"Laat die aarde[d] lewende siele
voortbring volgens hulle soor-
te, mak[e] diere en kruipende[f]
diere en wilde diere[g] van die
aarde volgens hulle soorte." En
dit was so. **25** En God het die
wilde diere van die aarde vol-
gens hulle soorte en die mak
diere volgens hulle soorte en al
die kruipende diere van die aar-
de volgens hulle soorte begin
maak.[h] En God het gesien dat
dit goed is.

**26** En God het verder gesê:
"Laat ons[i] mense maak na ons
beeld,[j] ooreenkomstig ons gely-
kenis,[k] en laat die visse van die
see en die voëls van die he-
mel en die mak diere en die
hele aarde en al die kruipen-
de diere wat op die aarde kruip,
aan hulle onderworpe wees."[l]
**27** En God het die mens na
sy beeld begin skep, na God
se beeld het hy hom geskep;[m]
man en vrou het hy hulle ge-
skep.[n] **28** Verder het God hul-
le geseën,[o] en God het vir hulle
gesê: "Wees vrugbaar[p] en word
baie en vul die aarde en onder-
werp[q] dit, en die visse van die
see en die voëls van die hemel
en al die diere wat op die aarde
kruip, moet aan julle onderwor-
pe wees."[r]

**29** En God het verder gesê:
"Kyk, ek het aan julle al die
plante gegee wat saad dra wat
op die oppervlak van die hele
aarde is en al die bome waaraan
'n boomvrug is wat saad dra.[a]
Laat dit vir julle as voedsel
dien.[b] **30** En aan al die wilde
diere van die aarde en aan al die
voëls van die hemel en aan alles
wat op die aarde kruip waarin
daar lewe as 'n siel is, het ek al
die groen plante as voedsel ge-
gee."[c] En dit was so.

**31** Daarna het God alles ge-
sien wat hy gemaak het, en kyk!
dit was baie goed.[d] En dit was
aand en dit was oggend, 'n ses-
de dag.

**2** So is die hemel en die aar-
de en hulle hele leër vol-
tooi.[e] **2** En teen die sewende
dag het God sy werk voltooi
wat hy gemaak het, en hy het
op die sewende dag begin rus
van al sy werk wat hy gemaak
het.[f] **3** En God het die sewen-
de dag begin seën en dit gehei-
lig, omdat hy daarop gerus het
van al sy werk wat God geskep
het om dit te maak.[g]

**4** Dit is die geskiedenis van
die hemel en die aarde in die
tyd toe hulle geskep is, in die
dag toe Jehovah God die aarde
en die hemel gemaak het.[h]

**5** En daar was nog geen
struik van die veld op die aar-
de te vinde nie, en geen plant
van die veld het nog uitgespruit
nie, want Jehovah God het dit
nie op die aarde laat reën nie,[i]
en daar was geen mens om die
grond te bewerk nie. **6** Maar
'n mis[j] het van die aarde opge-
gaan en dit het die hele opper-
vlak van die aarde natgemaak.[k]

**7** En Jehovah God het die
mens uit stof[l] van die aarde[m]
begin vorm en in sy neusgate
die asem van die lewe geblaas,[n]
en die mens het 'n lewende
siel geword.[o] **8** Verder het Je-

**HFST. 1**

a Le 11:46
b Ge 7:14; Le 11:14; De 14:13; 1Ko 15:39
c Ne 9:6; Ps 104:25
d Pr 3:20
e De 28:11; Op 10:6
f Ge 6:7
g Ps 104:11; Mr 1:13
h Ge 7:14; Ps 148:10
i Ge 11:7; Spr 8:30; Joh 1:3; Kol 1:16
j Ge 9:6; 1Ko 11:7; Kol 3:10
k Ge 5:1; Han 17:29; Jak 3:9
l Ge 9:2
m Ps 139:14
n Mr 10:6; 1Ko 11:9
o Ps 107:38
p Ge 9:1; Le 26:9
q Ge 2:15
r Ps 8:6; Jes 11:9; Jak 3:7

**Tweede kol.**

a Job 36:31; Ps 145:16
b Ge 9:3; Ps 104:14; Han 14:17
c Ps 136:25; Ps 147:9; Mt 6:26
d De 32:4; Ps 104:24; 1Ti 4:4

**HFST. 2**

e Ne 9:6; Ps 146:6; Jes 42:5; Sag 12:1; Han 4:24
f Eks 31:17; Heb 4:4
g Eks 20:11
h Jes 45:18
i Mt 5:45
j Job 36:27
k Ps 135:7
l Ge 3:19; Ps 103:14; Pr 3:20; 1Ko 15:47
m Job 33:6; Jes 64:8
n Ge 7:22; Job 27:3; Job 33:4; Jes 42:5; Han 17:25
o Ese 18:4; 1Ko 15:45; 1Pe 3:20

hovah God ’n tuin in Eden ge-
plant,[a] na die ooste, en daar het
hy die mens geplaas wat hy ge-
vorm het.[b] **9** So het Jehovah
God allerhande bome, begeer-
lik om te sien en goed vir voed-
sel, uit die grond laat groei, en
ook die boom van die lewe[c] in
die middel van die tuin en die
boom van die kennis van goed
en kwaad.[d]

**10** En daar was ’n rivier wat
uit Eden uitgegaan het om die
tuin nat te maak, en daarvan-
daan het dit begin verdeel, en
dit het as ’t ware vier hooftak-
ke geword. **11** Die eerste se
naam is Pison; dit is die een wat
om die hele land Ha′wila[e] loop,
waar daar goud is. **12** En die
goud van daardie land is goed.[f]
Daar is ook die balsemgom[g]
en die onikssteen.[h] **13** En die
naam van die tweede rivier is
Gihon; dit is die een wat om
die hele land Kus loop. **14** En
die naam van die derde rivier is
Hidde′kel;[i] dit is die een wat oos
van Assi′rië[j] loop. En die vierde
rivier is die Eufraat.[k]

**15** En Jehovah God het toe
die mens geneem en hom in die
tuin van Eden[l] geplaas om dit
te bewerk en daarvoor te sorg.[m]
**16** En Jehovah God het aan die
mens ook hierdie bevel gegee:
“Van al die bome van die tuin
mag jy tot versadiging toe eet.[n]
**17** Maar wat die boom van die
kennis van goed en kwaad be-
tref, daarvan mag jy nie eet nie,
want die dag as jy daarvan eet,
sal jy sekerlik sterf.”[o]

**18** En Jehovah God het ver-
der gesê: “Dit is nie goed dat die
mens alleen bly nie. Ek gaan vir
hom ’n helper maak, as ’n kom-
plement van hom.”[p] **19** En Je-
hovah God het uit die grond al
die wilde diere van die veld en
al die voëls van die hemel ge-
vorm, en hy het hulle na die
mens toe begin bring om te sien
wat hy elkeen sou noem; en
wat die mens hom, elke lewen-
de siel,[a] ook al genoem het, dit
was sy naam.[b] **20** So het die
mens dan name gegee aan al
die mak diere en aan die voëls
van die hemel en aan al die wil-
de diere van die veld, maar vir
die mens is daar geen helper as
’n komplement van hom gevind
nie. **21** Jehovah God het der-
halwe ’n diep slaap[c] op die mens
laat val, en terwyl hy geslaap
het, het hy een van sy ribbebe-
ne geneem en toe die vlees oor
die plek daarvan toegemaak.
**22** En daarna het Jehovah God
die ribbebeen wat hy van die
mens geneem het, tot ’n vrou
gebou en haar na die mens toe
gebring.[d]

**23** Toe het die mens gesê:

“Dit is eindelik been van my
gebeente
En vlees van my vlees.[e]
Sy sal Mannin genoem
word,
Want sy is uit die man ge-
neem.”[f]

**24** Daarom sal ’n man sy vader
en sy moeder verlaat,[g] en hy sal
sy vrou aankleef en hulle sal
een vlees word.[h] **25** En hulle
twee het naak gebly,[i] die mens
en sy vrou, en nogtans het hul-
le hulle nie geskaam nie.[j]

**3** En die slang[k] was die ver-
sigtigste[l] van al die wilde
diere van die veld wat Jehovah
God gemaak het.[m] Toe het hy
vir die vrou begin sê:[n] “Is dit
werklik so dat God gesê het dat
julle nie van al die bome van die
tuin mag eet nie?”[o] **2** Hierop
het die vrou vir die slang ge-
sê: “Van die vrugte van die
bome van die tuin mag ons
eet.[p] **3** Maar van die vrugte
van die boom wat in die middel

HFST. 2
a Ge 2:15; Ge 3:23; Jes 51:3; Ese 28:13
b Ge 1:26; Ps 139:14; Ro 9:20
c Ge 3:24
d Ge 2:17; Ge 3:22
e Ge 25:18; 1Sa 15:7
f Ge 13:2
g Nu 11:7
h Eks 25:7; 1Kr 29:2; Job 28:16
i Da 10:4
j Ge 10:11; Mi 5:6
k Ge 15:18; De 11:24
l Ge 3:24; Ese 28:13
m Ge 1:28; Ge 2:8; Ps 115:16
n Ge 2:9; Ge 3:2; Le 25:19
o Ge 3:19; Ps 146:4; Pr 9:5; Ese 18:4; Ro 5:12; 1Ko 15:22
p Spr 31:11; 1Ko 11:9; 1Ti 2:13

Tweede kol.
a Ge 9:10
b Ge 1:26; Ge 9:2; Ps 8:6
c 1Sa 26:12
d Spr 18:22; Spr 19:14; Mr 10:9; 1Ti 2:13
e Ge 29:14; Rig 9:2; 2Sa 5:1; 2Sa 19:12
f 1Ko 11:8
g Ge 24:58; Ps 45:10; Mr 10:7
h Spr 5:18; Mal 2:16; Mt 19:5; Ro 7:2; 1Ko 6:16; 1Ko 7:10; Ef 5:31; Heb 13:4
i Ge 3:7
j Ps 31:17

HFST. 3
k 2Ko 11:3; Op 12:9; Op 20:2
l Mt 10:16
m Ge 1:24
n Ge 2:22; Nu 22:28
o Ge 2:17
p Ge 2:16

van die tuin is,[a] het God gesê:
‘Julle mag daarvan nie eet nie,
nee, julle mag daaraan nie raak
nie, sodat julle nie sterf nie.’ ”[b]
**4** Hierop het die slang vir die
vrou gesê: “Julle sal sekerlik nie
sterf nie.[c] **5** Want God weet
dat die dag as julle daarvan
eet, julle oë sekerlik geopen sal
word en julle sekerlik soos God
sal word deur goed en kwaad te
KEN.”[d]

**6** Gevolglik het die vrou ge-
sien dat die boom goed is vir
voedsel en dat dit ’n lus vir die
oë is, ja, die boom was begeerlik
om na te kyk.[e] Toe het sy van sy
vrugte begin neem en dit geëet.
Daarna het sy ook vir haar man
daarvan gegee toe hy by haar
was, en hy het dit begin eet.[f]
**7** Toe is hulle al twee se oë
geopen, en hulle het begin be-
sef dat hulle naak is.[g] Hulle het
derhalwe vyeblare aanmekaar-
gewerk en vir hulle lendebedek-
kings gemaak.[h]

**8** Later het hulle die stem
van Jehovah God gehoor, wat
omstreeks die tyd van die dag
wanneer daar ’n briesie waai, in
die tuin gewandel het,[i] en die
mens en sy vrou het hulle tus-
sen die bome van die tuin vir
die aangesig van Jehovah God
gaan verberg.[j] **9** En Jehovah
God het na die mens bly roep
en vir hom gesê: “Waar is jy?”[k]
**10** Uiteindelik het hy gesê: “Ek
het u stem in die tuin gehoor,
maar ek was bang omdat ek
naak is, en daarom het ek weg-
gekruip.”[l] **11** Daarop het hy
gesê: “Wie het jou vertel dat
jy naak is?[m] Het jy geëet van
die boom waarvan ek jou be-
veel het om nie te eet nie?”[n]
**12** En die mens het gesê: “Die
vrou wat u gegee het om by my
te wees, sy het vir my vrugte
van die boom gegee, en daarom
het ek geëet.”[a] **13** Daarop het
Jehovah God vir die vrou gesê:
“Wat het jy nou gedoen?” Hier-
op het die vrou geantwoord:
“Die slang—hy het my bedrieg,
en daarom het ek geëet.”[b]

**14** En Jehovah God het vir
die slang gesê:[c] “Omdat jy hier-
die ding gedoen het, is jy die
vervloekte onder al die mak
diere en onder al die wilde die-
re van die veld. Op jou maag sal
jy seil en stof sal jy eet al die
dae van jou lewe.[d] **15** En ek[e]
sal vyandskap[f] stel tussen jou[g]
en die vrou[h] en tussen jou saad[i]
en haar saad.[j] Hy[k] sal jou[l] kop
vermorsel,[m] en jy[n] sal hom[o] in
die hakskeen wond.”[p]

**16** Vir die vrou het hy gesê:
“Ek sal die pyn van jou swan-
gerskap[q] grootliks vermeerder;
met geboortepyne sal jy kin-
ders voortbring,[r] en jou begeer-
te sal na jou man wees, en hy sal
oor jou heers.”[s]

**17** En vir Adam het hy gesê:
“Omdat jy na jou vrou se stem
geluister het en van die boom
begin eet het waarvan ek jou
hierdie bevel gegee het:[t] ‘Jy
mag daarvan nie eet nie’—ver-
vloek is die grond weens jou.[u]
Met pyn sal jy die opbrengs
daarvan eet al die dae van jou
lewe.[v] **18** En dorings en dis-
sels sal dit vir jou voortbring,[w]
en jy sal die plante van die veld
eet. **19** In die sweet van jou
aangesig sal jy brood eet totdat
jy na die grond terugkeer, want
daaruit is jy geneem.[x] Want
stof is jy en tot stof sal jy terug-
keer.”[y]

**20** Hierna het Adam sy vrou
Eva genoem,[z] omdat sy die
moeder moes word van al-
mal wat lewe.[a] **21** En Jeho-
vah God het vir Adam en vir
sy vrou lang kledingstukke van
vel gemaak en dit vir hulle aan-

**HFST. 3**

a Ge 2:9
b Eks 19:12
c Ge 5:5, Joh 8:44, 1Jo 3:8, Op 21:8
d Ge 3:22, Jes 46:5, Flp 2:6
e Jak 1:14, 1Jo 2:16
f Ro 5:12, 2Ko 11:3, 1Ti 2:14
g Job 1:21
h Ge 3:21
i De 4:33, De 23:14, Han 7:31
j Da 10:7, Am 9:3, Heb 4:13, 1Jo 4:18
k Mi 6:9
l Eks 3:6
m Ge 2:25
n Ge 2:17

**Tweede kol.**

a 1Sa 15:24, Jak 1:14
b 2Ko 11:3, 1Ti 2:14
c Ge 3:1
d Jes 65:25, Mi 7:17
e Jes 35:4, Jes 43:11, Heb 10:31
f Ge 22:17, Jak 4:4, Jud 9, Op 12:7, Op 12:17
g Ese 28:14, Op 12:9
h Jes 54:5, Ga 4:26, Op 12:1
i Mt 23:33, Joh 8:44, 1Jo 3:10
j Ge 22:18, Ge 49:10, Ga 3:16, Ga 3:29
k Joh 18:37
l Op 20:2
m Op 20:10
n Heb 2:14
o Mi 5:1, Mt 27:50
p Han 3:15, Flp 2:8
q 1Kr 4:9
r Ge 35:16
s 1Ko 7:28
t Ge 2:17, Pr 12:13
u Ge 4:12, Ge 5:29
v Ps 127:2, Hag 1:6
w Heb 6:8
x Ge 2:7
y Job 34:15, Pr 3:20
z Ge 2:19, Ge 4:1
a Han 17:26

getrek.[a] **22** En Jehovah God het verder gesê: "Kyk, die mens het soos een van ons geword deur goed en kwaad te ken,[b] en nou, sodat hy nie sy hand uitsteek en werklik ook vrugte van die boom van die lewe[c] neem en eet en tot onbepaalde tyd lewe nie—" **23** Daarop het Jehovah God hom uit die tuin van Eden gesit[d] om die grond te bewerk waaruit hy geneem is.[e] **24** En so het hy die mens uitgedryf en die gerubs[f] en die vlammende lem van 'n immer draaiende swaard aan die oostekant van die tuin van Eden[g] geplaas om die weg na die boom van die lewe te bewaak.

**4** En Adam het met sy vrou Eva gemeenskap gehad, en sy het swanger geword.[h] Na verloop van tyd het sy aan Kain[i] geboorte gegee en gesê: "Ek het 'n man met die hulp van Jehovah voortgebring."[j] **2** Later het sy weer geboorte gegee, aan sy broer Abel.[k]

En Abel het 'n skaapwagter geword,[l] maar Kain het 'n landbouer geword.[m] **3** En na verloop van tyd het Kain van die vrugte van die grond[n] as 'n offer aan Jehovah[o] gebring. **4** Maar wat Abel betref, ook hy het van die eerstelinge[p] van sy kleinvee gebring, selfs hulle vet.[q] En terwyl Jehovah Abel en sy offer gunstig aangesien het,[r] **5** het hy Kain en sy offer glad nie gunstig aangesien nie.[s] En Kain het baie kwaad geword,[t] en sy gesig het somber geword. **6** Hierop het Jehovah vir Kain gesê: "Waarom het jy kwaad geword, en waarom het jou gesig somber geword? **7** As jy jou daartoe wend om goed te doen, sal daar dan nie 'n verheffing wees nie?[a] Maar as jy jou nie daartoe wend om goed te doen nie, is daar sonde wat by die ingang lê en loer, en sy begeerte is na jou;[b] en sal jý die oorhand daaroor kry?"[c]

**8** Daarna het Kain vir sy broer Abel gesê: "Laat ons die veld ingaan." Terwyl hulle in die veld was, het Kain sy broer Abel aangeval en hom doodgemaak.[d] **9** Later het Jehovah vir Kain gesê: "Waar is jou broer Abel?"[e] en hy het gesê: "Ek weet nie. Is ek my broer se oppasser?"[f] **10** Hierop het hy gesê: "Wat het jy gedoen? Luister! Jou broer se bloed roep van die grond af na my toe uit.[g] **11** En nou is jy vervloek en verban van die grond af,[h] wat sy mond oopgemaak het om jou broer se bloed uit jou hand te ontvang.[i] **12** Wanneer jy die grond bewerk, sal dit nie sy krag aan jou teruggee nie.[j] 'n Swerwer en 'n vlugteling sal jy op die aarde word."[k] **13** Hierop het Kain vir Jehovah gesê: "My straf vir my oortreding is te groot om te dra. **14** Kyk, op hierdie dag verdryf u my in werklikheid van die oppervlak van die aarde af, en vir u aangesig sal ek verborge wees;[l] en ek sal 'n swerwer[m] en 'n vlugteling op die aarde word, en enigiemand wat my vind, sal my vir seker doodmaak."[n] **15** Hierop het Jehovah vir hom gesê: "Daarom, as enigiemand Kain doodmaak, moet dit sewe keer gewreek word."[o]

En toe het Jehovah vir Kain 'n teken vasgestel sodat niemand wat hom vind, hom sou doodslaan nie.[p] **16** Daarop het Kain van die aangesig van Jehovah[q] weggegaan en hom gevestig in die land van Vlugtelingskap, oos van Eden.

**HFST. 3**

a Ge 3:7; Op 3:18
b Ge 3:5; Flp 2:6
c Ge 2:9
d Ge 2:8
e Ge 2:5; Ge 3:19
f Ps 80:1; Jes 37:16; Ese 10:4
g Ge 2:8; Ge 4:16

**HFST. 4**

h Ge 1:28
i Jud 11
j Ge 3:16
k Mt 23:35
l Ge 46:34
m Ge 3:23
n Ne 10:35
o Le 2:14
p Eks 13:12
q Le 3:9
r Heb 11:4
s Am 5:22
t Spr 14:30; Spr 15:18; Spr 27:4

**Tweede kol.**

a Lu 14:11; 1Pe 5:6
b Spr 11:6; Jak 1:14
c Pr 8:13; Ese 18:27
d Mt 23:35; 1Jo 3:12; Jud 11
e Ps 10:13; Spr 28:13
f Ps 50:20; Spr 17:17
g Ge 18:20; 2Kn 9:26; Jes 26:21; Heb 12:24
h Esr 7:26
i Ge 9:5
j Ge 3:17; Le 26:20; De 28:18
k De 28:65; Spr 28:17; Ho 9:17
l Job 34:29; Jes 59:2; Mi 3:4
m Ps 36:11
n Ro 12:19
o Ge 4:24; De 32:35; Heb 10:30
p Ese 9:6
q Ps 34:16

**17** Daarna het Kain gemeen-
skap gehad met sy vrou,[a] en sy
het swanger geword en aan He-
nog geboorte gegee. Toe het hy
'n stad gaan bou en die stad na
die naam van sy seun Henog
genoem.[b] **18** Later is Irad vir
Henog gebore. En Irad het die
vader van Mehu′jael geword,
en Mehu′jael het die vader van
Metu′sael geword, en Metu′sa-
el het die vader van Lameg ge-
word.

**19** En Lameg het vir hom
twee vrouens geneem. Die
naam van die eerste was Ada
en die naam van die tweede was
Silla. **20** Na verloop van tyd
het Ada aan Jabal geboorte ge-
gee. Hy was die vader van dié
wat in tente woon[c] en vee het.[d]
**21** En die naam van sy broer
was Jubal. Hy was die vader
van almal wat op die harp[e] en
die fluit[f] speel. **22** Wat Silla
betref, ook sy het geboorte ge-
gee, aan Tubal-Kain, die sme-
der van elke soort koper- en ys-
terwerktuig.[g] En die suster
van Tubal-Kain was Naäma.
**23** Gevolglik het Lameg hier-
die woorde vir sy vrouens, Ada
en Silla, gedig:

“Hoor my stem, o vrouens
van Lameg;
Luister na my woorde:
'n Man het ek doodgemaak
omdat hy my gewond
het,
Ja, 'n jong man omdat hy
my 'n hou gegee het.
**24** As Kain sewe keer gewreek
moet word,[h]
Dan Lameg sewe-en-se-
wentig keer.”

**25** En Adam het weer ge-
meenskap gehad met sy vrou,
en sy het toe aan 'n seun ge-
boorte gegee en hom Set[i] ge-
noem, want, soos sy gesê het:
“God het aan my 'n ander saad
in die plek van Abel gegee,
omdat Kain hom doodgemaak
het.”[a] **26** En ook vir Set is 'n
seun gebore, en hy het hom
Enos[b] genoem. In dié tyd het
mense die naam van Jehovah
begin aanroep.[c]

**5** Dit is die boek van Adam
se geskiedenis. Die dag toe
God Adam geskep het, het hy
hom na die gelykenis van God
gemaak.[d] **2** Man en vrou het
hy hulle geskep.[e] Daarna het
hy hulle geseën en hulle Mens
genoem,[f] die dag toe hulle ge-
skep is.[g]

**3** En Adam het honderd-en-
dertig jaar gelewe en toe die va-
der geword van 'n seun na sy
gelykenis, na sy beeld, en hom
Set[h] genoem. **4** En die dae
van Adam nadat hy die vader
van Set geword het, was agt-
honderd jaar. Intussen het hy
die vader van seuns en dogters
geword.[i] **5** En al die dae van
Adam wat hy gelewe het, was
negehonderd-en-dertig jaar, en
hy het gesterf.[j]

**6** En Set het honderd-en-
vyf jaar gelewe en toe die va-
der van Enos[k] geword. **7** En
nadat Set die vader van Enos
geword het, het hy nog agt-
honderd-en-sewe jaar gele-
we. Intussen het hy die vader
van seuns en dogters geword.
**8** En al die dae van Set was
negehonderd-en-twaalf jaar, en
hy het gesterf.

**9** En Enos het negentig jaar
gelewe en toe die vader van
Kenan[l] geword. **10** En nadat
Enos die vader van Kenan ge-
word het, het hy nog agthon-
derd-en-vyftien jaar gelewe.
Intussen het hy die vader
van seuns en dogters geword.
**11** En al die dae van Enos was
negehonderd-en-vyf jaar, en hy
het gesterf.

**HFST. 4**
a Ge 5:4
b 2Sa 18:18, Ps 49:11
c Ge 25:27, Heb 11:9
d Ge 13:7, De 3:19
e Ps 33:2, 1Ko 14:7
f Job 21:12, Ps 150:4
g De 27:5, 2Sa 12:31, Jes 2:4
h Ge 4:15, Le 19:18
i Ge 5:3

**Tweede kol.**
a Ge 4:8, Mt 23:35, Heb 11:4
b Ge 5:6, Lu 3:38
c Eks 20:7, 2Kn 19:16

**HFST. 5**
d Ge 1:26, 1Ko 11:7, Jak 3:9
e Ge 1:27, Mr 10:6
f Ge 7:21, Pr 3:21, Han 17:30, 1Ko 15:39
g Ge 1:27, Ge 2:23, De 4:32, Jes 45:12, Mt 19:4
h Ge 4:25, 1Kr 1:1
i Ge 6:1
j Ge 2:17, Ge 3:19, Ps 146:4, Spr 21:16, Pr 6:6, Pr 9:5, Ese 18:4, Ro 6:23, 1Ko 15:22
k Ge 4:26, Lu 3:38
l 1Kr 1:2

**12** En Kenan het sewen-
tig jaar gelewe en toe die va-
der van Mahala′lel[a] geword.
**13** En nadat Kenan die vader
van Mahala′lel geword het, het
hy nog agthonderd-en-veertig
jaar gelewe. Intussen het hy
die vader van seuns en dog-
ters geword. **14** En al die dae
van Kenan was negehonderd-
en-tien jaar, en hy het gesterf.

**15** En Mahala′lel het vyf-en-
sestig jaar gelewe en toe die va-
der van Jared[b] geword. **16** En
nadat Mahala′lel die vader van
Jared geword het, het hy nog
agthonderd-en-dertig jaar gele-
we. Intussen het hy die vader
van seuns en dogters geword.
**17** En al die dae van Mahala′lel
was agthonderd-vyf-en-negen-
tig jaar, en hy het gesterf.

**18** En Jared het honderd-
twee-en-sestig jaar gelewe en
toe die vader van Henog[c] ge-
word. **19** En nadat Jared die
vader van Henog geword het,
het hy nog agthonderd jaar ge-
lewe. Intussen het hy die vader
van seuns en dogters geword.
**20** En al die dae van Jared
was negehonderd-twee-en-ses-
tig jaar, en hy het gesterf.

**21** En Henog het vyf-en-ses-
tig jaar gelewe en toe die va-
der van Metu′salag[d] geword.
**22** En nadat Henog die vader
van Metu′salag geword het, het
hy nog driehonderd jaar met
die ware God gewandel. Intus-
sen het hy die vader van seuns
en dogters geword. **23** En al
die dae van Henog was
driehonderd-vyf-en-sestig jaar.
**24** En Henog het met die ware
God[e] bly wandel.[f] Toe was hy
nie meer daar nie, want God het
hom geneem.[g]

**25** En Metu′salag het hon-
derd-sewe-en-tagtig jaar gelewe
en toe die vader van Lameg[h]
geword. **26** En nadat Metu′-
salag die vader van Lameg
geword het, het hy nog sewe-
honderd-twee-en-tagtig jaar ge-
lewe. Intussen het hy die vader
van seuns en dogters geword.
**27** En al die dae van Metu′sa-
lag was negehonderd-nege-en-
sestig jaar, en hy het gesterf.

**28** En Lameg het honderd-
twee-en-tagtig jaar gelewe en
toe die vader van ’n seun ge-
word. **29** En hy het hom
Noag[a] genoem en gesê: “Hý sal
vir ons vertroosting bring van
ons werk en van die pyn van
ons hande as gevolg van die
grond wat Jehovah vervloek
het.”[b] **30** En nadat Lameg die
vader van Noag geword het,
het hy nog vyfhonderd-vyf-en-
negentig jaar gelewe. Intussen
het hy die vader van seuns en
dogters geword. **31** En al die
dae van Lameg was sewehon-
derd-sewe-en-sewentig jaar, en
hy het gesterf.

**32** En Noag het vyfhonderd
jaar oud geword. Daarna het
Noag die vader van Sem,[c] Gam[d]
en Jafet[e] geword.

**6** En toe die mense op die op-
pervlak van die aarde in ge-
tal begin toeneem het en dog-
ters vir hulle gebore is,[f] **2** het
die seuns van die ware God[g]
die dogters van die mense be-
gin opmerk,[h] dat hulle mooi is;
en hulle het vir hulle vrouens
geneem, naamlik almal wat hul-
le verkies het. **3** Daarna het
Jehovah gesê: “My gees[i] sal nie
vir ’n onbepaalde tyd teenoor
die mens optree nie,[j] aangesien
hy ook vlees is.[k] Gevolglik sal
sy dae honderd-en-twintig jaar
wees.”[l]

**4** Die Ne′filim was in daardie
dae op die aarde, en ook daar-
na, toe die seuns van die ware
God voortgegaan het om met

**HFST. 5**
a Lu 3:37
b 1Kr 1:2; Lu 3:37
c 1Kr 1:3; Jud 14
d 1Kr 1:3; Lu 3:37
e Ge 6:9; De 13:4; Jud 14; Jud 15
f De 8:6; Rig 2:22; Ps 15:2; Spr 2:7; Mi 6:8; Kol 1:10; 1Te 2:12; 3Jo 4
g De 34:6; Joh 3:13; Heb 11:5
h 1Kr 1:3; Lu 3:36

**Tweede kol.**
a Ge 7:1; Ese 14:14; Mt 24:37; Heb 11:7; 1Pe 3:20; 2Pe 2:5
b Ge 3:17
c Ge 10:21; Ge 11:10; Lu 3:36
d Ge 6:10; Ge 10:6
e Ge 10:2; Ge 10:21

**HFST. 6**
f Ge 1:28
g Job 1:6; Job 38:7; 2Pe 2:4; Jud 6
h Job 31:1; Jak 1:14
i Ro 9:22; 1Pe 3:20
j Ge 7:4
k Ps 78:39; Joh 3:6
l Ro 9:22; 1Pe 3:20; 2Pe 3:9

die dogters van die mense ge-
meenskap te hê en dié vir hulle
seuns gebaar het; hulle was die
sterkes van die ou tyd, die man-
ne van naam.

**5** Gevolglik het Jehovah ge-
sien dat die slegtheid van die
mens oorvloedig op die aarde
was en dat elke neiging[a] van die
gedagtes van sy hart die hele
tyd net sleg was.[b] **6** En Je-
hovah het spyt gevoel[c] dat hy
mense op die aarde gemaak het,
en hy het gekrenk gevoel in sy
hart.[d] **7** Toe het Jehovah ge-
sê: "Ek gaan die mense wat
ek geskep het,[e] van die opper-
vlak van die aarde af wegvee,
die mense sowel as die mak die-
re en die kruipende diere en
die voëls van die hemel,[f] omdat
ek spyt is dat ek hulle gemaak
het."[g] **8** Maar Noag het guns
in die oë van Jehovah gevind.

**9** Dit is die geskiedenis van
Noag.

Noag was 'n regverdige
man.[h] Hy was onberispelik on-
der sy tydgenote. Noag het
met die ware God gewandel.[i]
**10** Met verloop van tyd het
Noag die vader van drie seuns
geword, Sem, Gam en Jafet.[j]
**11** En die aarde het verdorwe
geraak voor die oë van die ware
God[k] en die aarde het vol ge-
weld geraak.[l] **12** Toe het God
die aarde gesien, en kyk! dit was
verdorwe,[m] want alle vlees het
sy weg op die aarde verderf.[n]

**13** Daarna het God vir Noag
gesê: "Die einde van alle vlees
het voor my gekom,[o] want die
aarde is vol geweld as ge-
volg van hulle; en kyk, ek ver-
delg hulle saam met die aarde.[p]
**14** Maak vir jou 'n ark van die
hout van 'n harsagtige boom.[q]
Jy moet afdelings in die ark
maak, en jy moet dit binne en
buite met teer bedek.[r] **15** En
só moet jy dit maak: driehon-
derd el[a] die lengte van die ark,
vyftig el sy breedte en dertig el
sy hoogte. **16** Jy moet 'n *tso'-
har* [dak of venster] vir die ark
maak, en jy moet dit tot 'n el
van bo af voltooi, en die ingang
van die ark moet jy aan sy sy-
kant aanbring;[b] en jy moet dit
met 'n onderste verdieping, 'n
tweede verdieping en 'n derde
verdieping maak.

**17** "En kyk, ek bring die
sondvloed[c] van waters op die
aarde om alle vlees waarin die
lewenskrag[d] werksaam is, on-
der die hemel uit te verdelg.
Alles wat op die aarde is, sal
sterf.[e] **18** En ek bring my ver-
bond met jou tot stand; en jy
moet in die ark ingaan, jy en
jou seuns en jou vrou en jou
seuns se vrouens saam met jou.[f]
**19** En van al die diere van elke
soort vlees[g] moet jy twee van
elk in die ark inbring om hul-
le saam met jou in die lewe te
hou.[h] Mannetjie en wyfie moet
hulle wees. **20** Van die voëls
volgens hulle soorte en van die
mak diere volgens hulle soorte,[i]
van al die kruipende diere van
die aarde volgens hulle soorte,
twee van elk moet daar na jou
toe ingaan om hulle in die lewe
te hou.[j] **21** En wat jou betref,
neem vir jou elke soort voed-
sel wat geëet word;[k] en jy moet
dit by jou versamel, en dit sal
vir jou en vir hulle as voedsel
dien."[l]

**22** En Noag het gedoen vol-
gens alles wat God hom beveel
het. Hy het net so gedoen.[m]

**7** Daarna het Jehovah vir
Noag gesê: "Gaan in die ark
in, jy en jou hele huisgesin,[n]
want jy, het ek gesien, is reg-
verdig voor my in hierdie ge-
slag.[o] **2** Van al die rein diere
moet jy vir jou groepe van sewe

HFST. 6
a Ge 8:21; Jak 3:15
b Pr 7:29; Jer 17:9; Mt 15:19
c Eks 32:14; 1Sa 15:11
d Ps 78:40; Ps 95:10
e Ge 1:27; Ge 5:1; De 4:32
f Ge 7:3
g Ho 4:3
h Ge 7:1; Ese 14:14; Heb 11:7
i Ps 37:37; Lu 1:6; 2Pe 2:5
j Ge 5:32
k Heb 4:13
l Ps 11:5
m Op 11:18
n Mt 24:38; 2Pe 2:5
o Ese 7:2; Am 8:2; 1Pe 4:7
p Ge 7:4
q Heb 11:7
r Ge 14:10; Eks 2:3

Tweede kol.
a Ge 7:20; De 3:11
b Ge 7:16
c Ge 1:7; Ge 7:6; Mt 24:39; 2Pe 2:5
d Ge 7:15; Pr 3:19
e Ge 7:21; Ps 104:29
f Ge 7:13; Jes 26:20
g Ge 8:17; 1Ko 15:39
h 1Pe 3:20
i Ge 1:25; Ge 7:14
j Ge 7:15
k Ge 1:30; Jes 11:7
l Ge 1:29
m Eks 40:16; Heb 11:7; 1Jo 5:3

HFST. 7
n Spr 11:21; 2Pe 2:5
o Ps 91:14; Ps 101:6; Mal 3:18; Heb 10:38; 1Pe 3:12; 2Pe 2:9

neem, die mannetjie en sy wy-
fie;[a] en van al die diere wat nie
rein is nie, net twee, die man-
netjie en sy wyfie; **3** ook van
die voëls van die hemel groe-
pe van sewe, mannetjie en wy-
fie,[b] om nageslag op die opper-
vlak van die hele aarde in die
lewe te hou.[c] **4** Want oor nog
net sewe dae laat ek dit veer-
tig dae en veertig nagte[d] op
die aarde reën;[e] en ek sal al-
les wat bestaan wat ek gemaak
het, van die oppervlak van die
aarde af wegvee."[f] **5** En Noag
het gedoen volgens alles wat Je-
hovah hom beveel het.

**6** En Noag was seshonderd
jaar oud toe die sondvloed van
waters oor die aarde gekom
het.[g] **7** En Noag het ingegaan,
en sy seuns en sy vrou en sy
seuns se vrouens het saam met
hom in die ark ingegaan, voor
die waters van die sondvloed.[h]
**8** Van al die rein diere en van
al die diere wat nie rein is nie
en van die voëls en alles wat op
die aarde kruip,[i] **9** het daar
twee-twee na Noag in die ark in-
gegaan, mannetjie en wyfie,
net soos God Noag beveel het.
**10** En sewe dae later het die wa-
ters van die sondvloed oor die
aarde gekom.

**11** In die seshonderdste jaar
van Noag se lewe, in die tweede
maand, op die sewentiende dag
van die maand, op dié dag is al
die fonteine van die groot wa-
terdiepte oopgebreek en is die
sluise van die hemel geopen.[j]
**12** En die stortreën op die aar-
de het veertig dae en veertig
nagte[k] voortgeduur. **13** Op
daardie selfde dag het Noag in-
gegaan, en Sem en Gam en Ja-
fet, Noag se seuns,[l] en die vrou
van Noag en die drie vrouens
van sy seuns saam met hom, in
die ark in;[m] **14** hulle en al die
wilde diere volgens hulle soor-
te[a] en al die mak diere volgens
hulle soorte en al die kruipen-
de diere wat op die aarde kruip
volgens hulle soorte[b] en al die
voëls volgens hulle soorte,[c] al
die gevleuelde voëls.[d] **15** En
hulle het na Noag in die ark
bly gaan, twee-twee, van elke
soort vlees waarin die lewens-
krag werksaam was.[e] **16** En
dié wat ingaan, mannetjie en
wyfie van elke soort vlees, het
ingegaan, net soos God hom be-
veel het. Daarna het Jehovah
die deur agter hom toegesluit.[f]

**17** En die sondvloed het
veertig dae op die aarde voort-
geduur, en die waters het bly
vermeerder en die ark opge-
lig, en dit het hoog bo die aar-
de gedryf. **18** En die waters
het oorweldigend geword en
het grootliks vermeerder op die
aarde, maar die ark het op die
oppervlak van die waters bly
gaan.[g] **19** En die waters het
die aarde so erg oorweldig dat
al die hoë berge wat onder die
ganse hemel was, bedek is.[h]
**20** Tot vyftien el bokant hulle
het die waters hulle oorweldig,
en die berge is bedek.[i]

**21** En alle vlees wat op die
aarde beweeg het, het gesterf,[j]
die voëls en die mak diere en die
wilde diere sowel as al die krui-
pende diertjies wat op die aar-
de gewemel het, en al die men-
se.[k] **22** Alles waarin die asem
van die lewenskrag in die neus-
gate werksaam was, naamlik al-
les wat op die droë grond was,
het gesterf.[l] **23** So het hy al-
les uitgewis wat op die opper-
vlak van die aarde bestaan het,
die mense sowel as die diere
en die kruipende diere en die
voëls van die hemel, en hulle is
van die aarde af weggevee;[m] en
net Noag en dié wat saam met

**HFST. 7**
a Le 11:3, De 14:4
b Ge 8:19
c Ge 7:23
d Ge 7:12
e Ge 2:5, Job 37:6
f Ge 2:19, Ge 6:7, Ge 6:17
g Ge 8:13
h Lu 17:27, Heb 11:7
i Ge 6:20
j Ge 1:7, Ge 8:2
k 1Kn 19:8
l Ge 9:18, 1Kr 1:4
m Ge 6:18, 1Pe 3:20, 2Pe 2:5

**Tweede kol.**
a Ge 1:24
b Ge 6:7
c Le 11:14
d Ge 9:10
e Ge 6:17, Ps 146:4, Pr 3:19
f Jes 26:20
g Ps 69:15
h Job 12:15, 2Pe 3:6
i Ps 104:6
j Ge 6:17
k Lu 17:27
l Ge 6:17, Ge 7:15, Job 27:3, Pr 3:19, Jes 42:5
m Ge 6:7

hom in die ark was, het bly le-
we.[a] **24** En die waters het die
aarde honderd-en-vyftig dae
lank oorweldig.

**8** Daarna het God gedink
aan[b] Noag en aan al die wil-
de diere en al die mak diere
wat saam met hom in die ark
was,[c] en God het 'n wind oor
die aarde laat gaan, en die wa-
ters het begin sak.[d] **2** En die
fonteine van die waterdiepte[e]
en die sluise[f] van die hemel
is toegemaak, en so is die stort-
reën uit die hemel teruggehou.
**3** En die waters het van die
aarde begin terugtrek, geleide-
lik teruggetrek; en na verloop
van honderd-en-vyftig dae het
die water afgeneem.[g] **4** En in
die sewende maand, op die se-
wentiende dag van die maand,
het die ark[h] op die A′raratber-
ge[i] tot rus gekom. **5** En die
waters het geleidelik afgeneem
tot die tiende maand. In die
tiende maand, op die eerste van
die maand, het die toppe van
die berge verskyn.[j]

**6** Toe het Noag na verloop
van veertig dae die venster[k]
oopgemaak van die ark wat hy
gemaak het. **7** Daarna het hy
'n raaf[l] uitgestuur, en hy het
buite bly vlieg, weggevlieg en
teruggekom, totdat die waters
van die aarde af opgedroog het.

**8** Later het hy 'n duif[m] van
hom af uitgestuur om te sien
of die waters van die oppervlak
van die aarde afgeneem het.
**9** En die duif het geen rusplek
vir die sool van sy voet gevind
nie, en daarom het hy na hom
toe teruggekeer in die ark om-
dat die waters nog op die opper-
vlak van die hele aarde was.[n]
Daarop het hy sy hand uitge-
steek en hom geneem en hom by
hom in die ark gebring. **10** En
hy het nog sewe dae gewag, en
weer eens het hy die duif uit die
ark uitgestuur. **11** Later het
die duif teen die aand na hom
toe gekom, en kyk! daar was 'n
vars geplukte olyfblaar[a] in sy
snawel, en so het Noag te wete
gekom dat die waters van die
aarde afgeneem het.[b] **12** En
hy het nog sewe dae gewag. Toe
het hy die duif uitgestuur, maar
hy het nie weer na hom toe te-
ruggekom nie.[c]

**13** En in die seshonderd-en-
eerste jaar,[d] in die eerste
maand, op die eerste dag van
die maand, het die waters van
die aarde af weggevloei; en
Noag het die bedekking van
die ark verwyder en gekyk,
en die oppervlak van die aar-
de het drooggeloop.[e] **14** En
in die tweede maand, op die
sewe-en-twintigste dag van die
maand, was die aarde droog.[f]

**15** God het toe met Noag ge-
praat en gesê: **16** "Gaan uit
die ark uit, jy en jou vrou en jou
seuns en jou seuns se vrouens
saam met jou.[g] **17** Bring al
die diere van elke soort vlees[h]
wat by jou is, die voëls[i] en die
mak diere[j] en al die kruipende
diere wat op die aarde kruip,[k]
saam met jou uit, aangesien
hulle moet wemel op die aarde
en vrugbaar moet wees en baie
moet word op die aarde."[l]

**18** Daarop het Noag uitge-
gaan, en ook sy seuns[m] en sy
vrou en sy seuns se vrouens
saam met hom. **19** Al die die-
re, al die kruipende diere en al
die voëls, alles wat op die aarde
beweeg, volgens hulle families
het hulle uit die ark uitgegaan.[n]
**20** En Noag het begin om 'n al-
taar vir Jehovah te bou[o] en van
al die rein diere[p] en van al die
rein voëls[q] te neem en brand-
offers op die altaar te bring.[r]

**HFST. 7**
a Spr 2:21, Mt 24:37, 1Pe 3:20, 2Pe 2:9, 2Pe 3:6

**HFST. 8**
b Ge 19:29, Eks 2:24, 1Sa 1:19, Ps 94:14
c Ge 6:20, Heb 11:7
d Ps 33:7
e Ge 7:11, Spr 8:28
f 2Kn 7:2
g Job 38:11, Jer 5:22
h Ge 7:18
i 2Kn 19:37
j Ge 7:20
k Ge 6:16
l Ge 6:20, Le 11:15, 1Kn 17:4, Job 38:41
m Ps 55:6
n Ge 7:19

**Tweede kol.**
a Ne 8:15
b Ge 7:20, Ge 8:3
c Jer 48:28
d Ge 7:11
e Ge 1:9
f Eks 14:21
g Ge 7:7, 1Pe 3:20, 2Pe 2:5
h Ge 7:15, 1Ko 15:39
i Ge 1:20, Ge 2:19, Ge 6:20
j Ge 1:25
k Ge 1:24, Ge 9:2
l Ge 1:22, Ps 144:13
m Ge 6:10
n Ge 7:14, Ps 36:6
o Ge 12:7, Ge 22:9, Ge 26:25
p Ge 7:2, Le 20:25, De 14:4
q De 14:11
r Le 1:10, Le 1:14, Le 17:11, De 27:6

**21** En Jehovah het ’n rustige
geur begin ruik,[a] en daarom
het Jehovah in sy hart gesê:[b]
“Nooit weer sal ek ’n vloek oor
die grond uitspreek[c] weens die
mens nie, want die neiging[d] van
die mens se hart is sleg van sy
jeug af;[e] en nooit weer sal ek
alles wat lewe, tref soos ek ge-
doen het nie.[f] **22** Al die dae
dat die aarde bly staan, sal saai-
tyd en oestyd, en koue en hitte,
en somer en winter, en dag en
nag nooit ophou nie.”[g]

**9** En God het Noag en sy
seuns geseën en vir hulle
gesê: “Wees vrugbaar en word
baie en vul die aarde.[h] **2** En ’n
vrees vir julle en ’n skrik vir
julle sal op elke dier van die aar-
de en op elke voël van die he-
mel bly, op alles wat op die aar-
de kruip, en op al die visse van
die see. In julle hand word hulle
nou gegee.[i] **3** Al die diere wat
beweeg en lewe, mag vir julle as
voedsel dien.[j] Soos in die geval
van die groen plante, gee ek dit
alles aan julle.[k] **4** Net vleis
met sy siel[l]—sy bloed[m]—mag
julle nie eet nie.[n] **5** En daar-
benewens sal ek julle bloed van
julle siele terugeis. Van elke
dier sal ek dit terugeis; en van
die hand van die mens, van die
hand van elkeen wat sy broer is,
sal ek die siel van die mens te-
rugeis.[o] **6** Elkeen wat ’n mens
se bloed vergiet, deur die mens
sal sy bloed vergiet word,[p] want
na God se beeld het hy die
mens gemaak. **7** En wat julle
betref, wees vrugbaar en word
baie, laat die aarde wemel van
julle en word baie daarop.”[q]

**8** En God het verder vir
Noag en vir sy seuns by hom ge-
sê: **9** “En wat my betref, kyk,
ek bring my verbond tot stand[r]
met julle en met julle nageslag
ná julle,[a] **10** en met al die le-
wende siele wat by julle is, die
voëls, die mak diere en al die
wilde diere van die aarde by jul-
le, alles wat uit die ark uitge-
gaan het sowel as elke dier op
die aarde.[b] **11** Ja, ek bring my
verbond met julle tot stand: Nie
weer sal alle vlees deur die wa-
ters van ’n sondvloed uitgeroei
word nie, en nie weer sal daar ’n
sondvloed kom om die aarde te
verwoes nie.”[c]

**12** En God het bygevoeg:
“Dít is die teken[d] van die ver-
bond wat ek gee tussen my en
julle en elke lewende siel wat
by julle is, vir die geslagte tot
onbepaalde tyd. **13** My reën-
boog[e] gee ek in die wolk, en
dit sal dien as ’n teken van die
verbond tussen my en die aar-
de. **14** En wanneer ek ’n wolk
oor die aarde bring, sal die reën-
boog beslis in die wolk verskyn.
**15** En ek sal beslis dink aan my
verbond[f] wat tussen my en jul-
le en elke lewende siel van alle
vlees is;[g] en nie weer sal die wa-
ters ’n sondvloed word om alle
vlees te verdelg nie.[h] **16** En
die reënboog sal in die wolk
wees,[i] en ek sal dit sekerlik sien
om te dink aan die verbond tot
onbepaalde tyd[j] tussen God en
elke lewende siel van alle vlees
wat op die aarde is.”[k]

**17** En God het weer vir Noag
gesê: “Dít is die teken van die
verbond wat ek tot stand bring
tussen my en alle vlees wat op
die aarde is.”[l]

**18** En Noag se seuns[m] wat
uit die ark gekom het, was Sem
en Gam en Jafet. Later het Gam
die vader van Kanaän[n] geword.
**19** Hierdie drie was Noag se
seuns, en uit hulle het die hele
aarde se bevolking versprei.[o]

**20** En Noag het begin as
’n landbouer[p] en ’n wingerd

**HFST. 8**

a Le 26:31, Ese 20:41, Ef 5:2, Heb 13:16
b Ge 6:6
c Ge 3:17, Ge 5:29
d De 31:21, 1Kr 28:9
e Ge 6:5, Pr 7:20, Mt 15:19
f Ge 6:17, Jes 54:9
g Ge 1:14, Pr 1:4, Jer 33:20

**HFST. 9**

h Ge 1:28, Ge 8:17
i Ge 1:26, Jak 3:7
j 1Ti 4:3
k Ge 1:29
l Ge 1:30, Le 17:11, Le 17:14
m Le 17:10
n Le 3:17, Le 7:26, Le 17:13, De 12:16, De 12:23, Han 15:20, Han 15:29, Han 21:25
o Ge 4:10, Eks 21:12, Nu 35:31, Op 19:2
p Eks 20:13, Nu 35:12, Nu 35:30, De 19:6, 2Sa 4:11, Mt 24:30, Op 21:8
q Ge 1:28, Ge 10:32
r Ge 9:15, Jes 54:9

**Tweede kol.**

a Ge 6:18, Ge 9:18
b Ge 8:1, Ge 8:17
c Ge 8:21
d Eks 3:12
e Ese 1:28, Op 4:3
f Le 26:42, Jes 54:9
g 1Ko 15:39
h Ge 8:21
i Job 38:36
j Ps 105:8, Ps 111:5
k De 7:9, Heb 6:18
l Ge 9:13
m Ge 5:32, Ge 7:7, Ge 10:1
n Ge 10:6
o 1Kr 1:4, 1Pe 3:20
p Ge 2:15, 2Ti 2:6

geplant.[a] **21** En hy het van
die wyn begin drink en dronk
geword,[b] en toe het hy hom bin-
ne-in sy tent ontbloot. **22** La-
ter het Gam,[c] die vader van
Kanaän, sy vader se naaktheid
gesien[d] en dit buite vir sy twee
broers gaan vertel.[e] **23** Daar-
op het Sem en Jafet 'n mantel[f]
geneem en dit op hulle albei se
skouers gesit en agteruit inge-
loop. So het hulle hulle vader
se naaktheid bedek, terwyl hul-
le gesig weggedraai was, en hul-
le het nie hulle vader se naakt-
heid gesien nie.[g]

**24** Uiteindelik het Noag van
sy wyn wakker geword en te
wete gekom wat sy jong-
ste seun hom aangedoen het.
**25** Hierop het hy gesê:

“Mag Kanaän vervloek wees.[h]
Laat hom die geringste slaaf van sy broers word.”[i]

**26** En hy het bygevoeg:

“Mag Jehovah,[j] Sem se God, geloof word,
En mag Kanaän vir hom 'n slaaf word.[k]
**27** Mag God voldoende ruimte aan Jafet gee,
En mag hy in die tente van Sem woon.[l]
Mag Kanaän ook vir hom 'n slaaf word.”

**28** En Noag het ná die sond-
vloed nog driehonderd-en-vyf-
tig jaar gelewe.[m] **29** En al die
dae van Noag was negehon-
derd-en-vyftig jaar, en hy het
gesterf.[n]

**10** En dit is die geskiedenis
van Noag se seuns,[o] Sem,
Gam en Jafet.

En ná die sondvloed is daar
vir hulle seuns gebore.[p] **2** Die
seuns van Jafet was Gomer[q] en
Magog[a] en Madai[b] en Jawan[c] en
Tubal[d] en Meseg[e] en Tiras.[f]

**3** En die seuns van Gomer
was As'kenas[g] en Rifat[h] en To-
gar'ma.[i]

**4** En die seuns van Jawan
was Eli'sa[j] en Tarsis,[k] Kittim[l]
en Do'danim.[m]

**5** Uit hulle is die bevolking van
die eilande van die nasies in
hulle lande versprei, elkeen vol-
gens sy taal, volgens hulle fami-
lies, volgens hulle nasies.

**6** En die seuns van Gam was
Kus[n] en Misra'im[o] en Put[p] en
Kanaän.[q]

**7** En die seuns van Kus was
Seba[r] en Ha'wila en Sabta en
Raäma[s] en Sab'tega.

En die seuns van Raäma
was Skeba en Dedan.[t]

**8** En Kus het die vader ge-
word van Nimrod.[u] Hy het die
eerste magtige op die aarde ge-
word. **9** Hy was 'n magtige
jagter in verset teen Jehovah.
Daarom is daar 'n gesegde:
“Net soos Nimrod, 'n magtige
jagter in verset teen Jeho-
vah.”[v] **10** En die begin van
sy koninkryk was Babel[w] en
Ereg[x] en Akkad en Kalne, in
die land Si'near.[y] **11** Uit dié
land het hy na Assi'rië[z] getrek
en begin bou aan Ni'neve[a] en
Re'hobot-Ir en Kalag **12** en
Resen tussen Ni'neve en Ka-
lag: dit is die groot stad.

**13** En Misra'im[b] het die va-
der geword van Ludim[c] en
A'namim en Le'habim en Naf'-
tuhim[d] **14** en Pa'trusim[e] en
Kas'luhim[f] (uit wie die Filisty-
ne[g] voortgekom het) en Kaf'-
torim.[h]

**15** En Kanaän het die vader
geword van Sidon,[i] sy eersge-
borene, en Het[j] **16** en die Je-
busiete[k] en die Amoriete[l] en

HFST. 9

a De 20:6
b Ge 19:35; Spr 23:35
c 1Kr 1:8
d Le 18:7; Ese 22:10
e Spr 12:13; Spr 17:9; Ef 5:3
f Ge 37:34; Eks 22:27
g Eks 20:12; Le 19:32; Jes 58:7
h Le 18:3; De 7:1; De 27:16; Ro 1:27
i Jos 17:13
j Eks 18:10; De 8:10; 1Kn 1:48; 1Kr 29:20; Lu 1:68
k Jos 9:23; Rig 1:28; 1Kn 9:21
l 1Kr 1:5
m Ge 7:6
n Heb 11:7

HFST. 10

o 1Kr 1:4; Lu 3:36
p Ge 9:19
q Ese 38:6; Ga 1:2

Tweede kol.

a Ese 38:2
b 2Kn 17:6; Jes 13:17
c Sag 9:13
d Jes 66:19; Ese 27:13
e Ps 120:5; Ese 32:26
f 1Kr 1:5
g Jer 51:27
h 1Kr 1:6
i Ese 27:14; Ese 38:6
j Ese 27:7
k 1Kn 10:22; Jon 1:3
l Jes 23:1
m 1Kr 1:7
n 1Kr 1:8
o Ge 50:11
p Jer 46:9; Na 3:9
q Nu 34:2
r Ps 72:10
s Ese 27:22
t 1Kr 1:9
u 1Kr 1:10
v Ps 35:4
w Ge 11:9
x Esr 4:9
y Da 1:2
z Mi 5:6
a Jon 3:3; Mt 12:41
b 1Kr 1:8
c Jer 46:9
d 1Kr 1:11
e Ese 29:14
f 1Kr 1:12

g Jos 13:3; Jer 47:4; h De 2:23; i Jos 13:6; Mr 7:24;
j Ge 25:10; Ge 27:46; k Rig 1:21; l Ge 15:16; De 3:8.

die Girgasiete **17** en die Hewiete[a] en die Arkiete en die Siniete **18** en die Arwadiete[b] en die Semariete en die Hamatiete;[c] en daarna is die families van die Kanaäniete verstrooi. **19** En die grens van die Kanaäniete was van Sidon af tot by Gerar,[d] naby Gasa,[e] tot by Sodom en Gomor′ra[f] en Adma[g] en Sebo′jim,[h] naby Lasa. **20** Dit was die seuns van Gam volgens hulle families, volgens hulle tale, in hulle lande, volgens hulle nasies.

**21** En vir Sem, die voorvader van al die seuns van Eber,[i] die broer van Jafet, die oudste, is daar ook nakomelinge gebore. **22** Die seuns van Sem was Elam[j] en Assur[k] en Arpag′sad[l] en Lud en Aram.

**23** En die seuns van Aram was Us en Hul en Geter en Mas.[m]

**24** En Arpag′sad het die vader geword van Selag,[n] en Selag het die vader geword van Eber.

**25** En vir Eber is twee seuns gebore. Die naam van die een was Peleg,[o] omdat die aarde in sy dae verdeeld geraak het;[p] en die naam van sy broer was Joktan.[q]

**26** En Joktan het die vader geword van Almo′dad en Selef en Hasarma′wet en Jerag[r] **27** en Hado′ram en Usal en Dikla[s] **28** en Obal en Abi′mael en Skeba[t] **29** en Ofir[u] en Ha′wila[v] en Jobab;[w] hulle almal was die seuns van Joktan.

**30** En hulle woonplek het gestrek van Mesa af tot by Sefar, die bergstreek van die Ooste.

**31** Dit was die seuns van Sem volgens hulle families, volgens hulle tale, in hulle lande, volgens hulle nasies.[x]

**32** Dit was die families van die seuns van Noag volgens hulle familieafstamming, volgens hulle nasies, en uit hulle is die nasies ná die sondvloed oor die aarde versprei.[a]

**11** En die hele aarde het steeds een taal en een stel woorde gehad. **2** En toe hulle ooswaarts trek, het hulle uiteindelik ’n valleivlakte in die land Si′near[b] ontdek, en hulle het daar gaan woon. **3** En hulle het vir mekaar begin sê: “Kom! Laat ons stene maak en dit met ’n brandproses bak.” Toe het bakstene vir hulle as bousteen gedien, maar asfalt het vir hulle as messelklei gedien.[c] **4** Hulle het toe gesê: “Kom! Laat ons vir ons ’n stad bou en ook ’n toring met sy spits in die hemel,[d] en laat ons vir ons ’n roemryke naam maak,[e] sodat ons nie oor die hele oppervlak van die aarde verstrooi raak nie.”[f]

**5** En Jehovah het neergedaal om die stad en die toring te sien wat die mensekinders gebou het.[g] **6** Daarna het Jehovah gesê: “Kyk! Hulle is een volk en daar is een taal vir hulle almal,[h] en dít is wat hulle begin doen. En nou sal niks wat hulle dalk van plan is om te doen, vir hulle onbereikbaar wees nie.[i] **7** Kom dan! Laat ons[j] neerdaal en hulle taal daar verwar[k] sodat die een nie die ander se taal kan verstaan nie.”[l] **8** Gevolglik het Jehovah hulle daarvandaan oor die hele oppervlak van die aarde verstrooi,[m] en hulle het geleidelik opgehou om die stad te bou.[n] **9** Daarom is dit Babel[o] genoem, want daar het Jehovah die taal van die hele aarde verwar, en Jehovah het hulle daarvandaan oor

**HFST. 10**
a Jos 11:3
b Ese 27:11
c 1Kn 8:65; Sag 9:2
d Ge 20:1
e Jos 15:47; Han 8:26
f Ge 13:10; Ge 19:24; 2Pe 2:6; Jud 7
g De 29:23
h Ge 14:8
i Ge 11:17
j Esr 4:9; Han 2:9
k Ese 27:23
l Ge 11:10
m 1Kr 1:17
n Ge 11:12; Lu 3:35
o Ge 11:16
p Ge 11:9
q 1Kr 1:19
r 1Kr 1:20
s 1Kr 1:21
t 1Kr 1:22
u 1Kn 9:28; 1Kn 10:11; 1Kr 29:4
v Ge 2:11; Ge 25:18
w 1Kr 1:23
x Ge 10:5

**Tweede kol.**
a Ge 9:7; Ge 9:19; Han 17:26

**HFST. 11**
b Ge 10:10; Da 1:2
c Eks 1:14; Eks 2:3
d Am 9:2
e Ps 49:11; Da 4:30; Joh 5:44
f Ge 9:1; Lu 1:51
g Ge 18:21; Ps 11:4; Heb 4:13
h Ge 11:1
i Pr 7:29; 1Ko 1:19
j Ge 1:26; Spr 8:30
k Job 5:12; Ps 33:10; Ps 55:9
l Ge 10:5
m De 32:8; Lu 1:51
n Job 12:14; Ps 127:1
o Jer 50:1; 1Pe 5:13

die hele oppervlak van die aar-
de verstrooi.[a]
10 Dit is die geskiedenis van
Sem.[b]
Sem was honderd jaar oud
toe hy twee jaar ná die sond-
vloed die vader van Arpag′sad[c]
geword het. 11 En nadat Sem
die vader van Arpag′sad ge-
word het, het hy nog vyfhon-
derd jaar gelewe. Intussen het
hy die vader van seuns en dog-
ters geword.[d]
12 En Arpag′sad het vyf-en-
dertig jaar gelewe en toe die va-
der van Selag[e] geword. 13 En
nadat Arpag′sad die vader van
Selag geword het, het hy nog
vierhonderd-en-drie jaar gele-
we. Intussen het hy die vader
van seuns en dogters geword.
14 En Selag het dertig jaar
gelewe en toe die vader van
Eber[f] geword. 15 En nadat
Selag die vader van Eber ge-
word het, het hy nog vierhon-
derd-en-drie jaar gelewe. Intus-
sen het hy die vader van seuns
en dogters geword.
16 En Eber het vier-en-der-
tig jaar gelewe en toe die va-
der van Peleg[g] geword. 17 En
nadat Eber die vader van Pe-
leg geword het, het hy nog vier-
honderd-en-dertig jaar gelewe.
Intussen het hy die vader van
seuns en dogters geword.
18 En Peleg het dertig jaar
gelewe en toe die vader van
Rehu[h] geword. 19 En nadat
Peleg die vader van Rehu ge-
word het, het hy nog tweehon-
derd-en-nege jaar gelewe. In-
tussen het hy die vader van
seuns en dogters geword.
20 En Rehu het twee-en-der-
tig jaar gelewe en toe die vader
van Serug[i] geword. 21 En na-
dat Rehu die vader van Serug
geword het, het hy nog twee-
honderd-en-sewe jaar gelewe.
Intussen het hy die vader van
seuns en dogters geword.
22 En Serug het dertig jaar
gelewe en toe die vader van
Nahor[a] geword. 23 En nadat
Serug die vader van Nahor
geword het, het hy nog twee-
honderd jaar gelewe. Intussen
het hy die vader van seuns en
dogters geword.
24 En Nahor het nege-en-
twintig jaar gelewe en toe
die vader van Tera[b] geword.
25 En nadat Nahor die vader
van Tera geword het, het hy nog
honderd-en-negentien jaar gele-
we. Intussen het hy die vader
van seuns en dogters geword.
26 En Tera het sewentig jaar
gelewe, waarna hy die vader
van Abram,[c] Nahor[d] en Haran
geword het.
27 En dit is die geskiedenis
van Tera.
Tera het die vader van
Abram, Nahor en Haran ge-
word; en Haran het die va-
der van Lot[e] geword. 28 La-
ter het Haran gesterf terwyl
hy saam met sy vader Tera in
sy geboorteland was, in Ur[f] van
die Galdeërs.[g] 29 En Abram
en Nahor het vir hulle vrouens
geneem. Die naam van Abram
se vrou was Sarai,[h] terwyl die
naam van Nahor se vrou Milka[i]
was, die dogter van Haran, die
vader van Milka en die vader
van Jiska. 30 Maar Sarai het
onvrugbaar gebly;[j] sy het geen
kind gehad nie.
31 Daarna het Tera sy seun
Abram geneem en sy kleinseun
Lot, die seun van Haran,[k] en
sy skoondogter Sarai,[l] die vrou
van sy seun Abram, en hulle
het saam met hom uit Ur van
die Galdeërs getrek om na die
land Kanaän[m] te gaan. Na ver-
loop van tyd het hulle by Ha-
ran[n] gekom en daar gaan woon.

**HFST. 11**
a Ps 68:30, Lu 1:51
b Ge 6:10, 1Kr 1:4, Lu 3:36
c Ge 10:22, 1Kr 1:17
d Ge 10:21
e Ge 10:24, 1Kr 1:18, Lu 3:35
f Ge 10:21, 1Kr 1:18
g Ge 10:25, 1Kr 1:19
h 1Kr 1:25, Lu 3:35
i Lu 3:35

**Tweede kol.**
a 1Kr 1:26
b Ge 11:32, Lu 3:34
c Ge 12:7, Ge 15:6, Ge 17:5, Ge 18:19, Joh 8:39, Ro 4:11, Ga 3:16, Heb 11:17, Jak 2:23
d Jos 24:2
e Ge 12:4, Ge 19:1, 2Pe 2:7
f Ge 15:7, Ne 9:7
g 2Kn 24:2, Han 7:4
h Ge 12:11, Ge 17:15, Ge 20:12, 1Pe 3:6
i Ge 22:20, Ge 24:15
j Ge 16:2, Ge 18:11, Ro 4:19, Heb 11:11
k Ge 11:27
l Ge 12:5, Ge 16:1
m Ge 9:26, Ge 10:19, Ge 12:7, Nu 34:2, Han 13:19
n Ge 12:4, Ge 27:43, Han 7:2

**32** En die dae van Tera was
tweehonderd-en-vyf jaar. Toe
het Tera in Haran gesterf.

**12** En Jehovah het vir
Abram gesê: “Trek weg
uit jou land en van jou fami-
lielede en van die huis van jou
vader af na die land wat ek jou
sal wys;[a] **2** en ek sal jou ’n
groot nasie maak en ek sal jou
seën en ek sal jou naam groot
maak; en jy moet ’n seën wees.[b]
**3** En ek sal dié seën wat jou
seën, en ek sal hom vervloek
wat ’n vloek oor jou uitspreek,[c]
en al die families van die aar-
de sal hulleself deur middel van
jou seën.”[d]

**4** Daarop het Abram getrek,
net soos Jehovah vir hom ge-
sê het, en Lot het saam met
hom getrek. En Abram was vyf-
en-sewentig jaar oud toe hy uit
Haran weggetrek het.[e] **5** Toe
het Abram sy vrou Sarai[f] en
Lot, die seun van sy broer,[g] ge-
neem en al die goed wat hulle
versamel het[h] en die siele wat
hulle in Haran verwerf het, en
hulle het uitgetrek om na die
land Kanaän[i] te gaan. Uiteinde-
lik het hulle in die land Kanaän
gekom. **6** En Abram het ver-
der deur die land getrek tot by
die plek Sigem,[j] naby die groot
bome van More′;[k] en in dié
tyd was die Kanaäniete in die
land. **7** Jehovah het toe aan
Abram verskyn en gesê: “Aan
jou saad[l] gaan ek hierdie land
gee.”[m] Daarna het hy daar ’n al-
taar gebou vir Jehovah, wat aan
hom verskyn het. **8** Later het
hy daarvandaan getrek na die
bergstreek oos van Bet-El[n] en
sy tent opgeslaan met Bet-El
in die weste en Ai[o] in die oos-
te. Toe het hy daar vir Jehovah
’n altaar gebou[p] en die naam
van Jehovah begin aanroep.[q]
**9** Daarna het Abram kamp op-
gebreek en toe van kampplek
tot kampplek na die Negeb[a] ge-
trek.

**10** En ’n hongersnood het in
die land ontstaan, en Abram
het na Egipte afgetrek om daar
as ’n vreemdeling te woon,[b]
want die hongersnood in die
land was swaar.[c] **11** En toe
hy op die punt staan om in
Egipte in te gaan, het hy vir
sy vrou Sarai gesê: “Kyk tog!
Ek weet goed dat jy ’n vrou
is wat pragtig in voorkoms is.[d]
**12** Daarom sal die Egiptenaars
jou sekerlik sien en sê: ‘Dit is
sy vrou.’ En hulle sal my beslis
doodmaak, maar jou sal hulle
laat lewe. **13** Sê asseblief dat
jy my suster is,[e] sodat dit met
my goed kan gaan om jou ont-
halwe, en my siel sal sekerlik
weens jou lewe.”[f]

**14** En net toe Abram in
Egipte ingaan, het die Egipte-
naars die vrou gesien, dat sy
beeldskoon is. **15** En die vors-
te van Farao het haar ook ge-
sien en hulle het haar by Fa-
rao begin prys, sodat die vrou
na die huis van Farao geneem
is. **16** En hy het Abram goed
behandel om haar onthalwe, en
hy het skape en beeste en esels
en diensknegte en diensmei-
sies en eselinne en kamele ge-
kry.[g] **17** Toe het Jehovah Fa-
rao en sy huis met groot plae
getref[h] weens Sarai, Abram se
vrou.[i] **18** Daarop het Farao
Abram geroep en gesê: “Wat
het jy my aangedoen? Waarom
het jy my nie vertel dat sy jou
vrou is nie?[j] **19** Waarom het
jy gesê: ‘Sy is my suster’,[k] so-
dat ek op die punt gestaan het
om haar as my vrou te neem?
Hier is jou vrou dan nou. Neem
haar en gaan weg!” **20** En Fa-
rao het aan manne bevele aan-
gaande hom gegee, en hulle het

**HFST. 12**
a Jos 24:3; Han 7:4
b Ge 13:16; Ge 15:5; Ge 17:5; Ge 22:17; Heb 6:14
c Ge 27:29; Eks 23:22; Nu 24:9
d Sag 8:23; Lu 1:73; Han 3:25; Ga 3:8
e Heb 11:8
f Ge 11:29
g Ge 11:31
h Ge 13:6; Pr 5:19
i Ge 26:3
j Han 7:16
k Ge 35:4; De 11:30
l Ge 3:15; Ge 21:12; Ge 28:14; Ro 9:7; Ga 3:16
m Ge 13:15; Ge 15:7; Ge 17:8; De 34:4
n Ge 28:19; Ge 31:13
o Ge 13:3; Jos 7:2
p Ge 8:20; Ge 35:3
q Ge 26:25; Spr 18:10; Ro 10:13

**Tweede kol.**
a Ge 20:1; Ge 24:62
b Ge 47:4; De 23:7; Ps 105:13; Han 7:6
c Ge 26:1
d Ge 26:7
e Ge 12:19
f Ge 20:12
g Ge 20:14; Ge 24:35
h 1Sa 5:11
i Ge 11:29; Ge 17:15; Ge 23:19
j Ro 7:3
k Ge 20:2; Ge 20:12

hom en sy vrou en alles wat hy
gehad het, vergesel.[a]

**13** Daarna het Abram uit
Egipte na die Negeb op-
getrek,[b] hy en sy vrou en al-
les wat hy gehad het, en Lot
saam met hom. **2** En Abram
was baie ryk aan vee en silwer
en goud.[c] **3** En hy het van
kampplek tot kampplek uit die
Negeb en na Bet-El getrek, na
die plek waar sy tent eers was,
tussen Bet-El en Ai,[d] **4** na die
plek van die altaar wat hy oor-
spronklik daar gebou het;[e] en
Abram het daar die naam van
Jehovah aangeroep.[f]

**5** En Lot, wat saam met
Abram getrek het, het ook ska-
pe en beeste en tente be-
sit. **6** En die land het dit nie
toegelaat dat hulle almal saam
woon nie, want hulle besit-
tings het baie geword en hulle
kon nie almal saam woon nie.[g]
**7** En 'n rusie het ontstaan tus-
sen Abram se veewagters en
Lot se veewagters; en in dié
tyd het die Kanaäniete en die
Perissiete in die land gewoon.[h]
**8** Abram het derhalwe vir Lot[i]
gesê: "Laat daar asseblief nie
verder rusie tussen my en jou
en tussen my veewagters en
jou veewagters wees nie, want
ons is broers.[j] **9** Is die hele
land nie tot jou beskikking nie?
Skei jou asseblief van my af. As
jy links gaan, dan sal ek regs
gaan; maar as jy regs gaan, dan
sal ek links gaan."[k] **10** Daar-
op het Lot sy oë opgeslaan
en die hele Jordaandistrik[l] ge-
sien, dat die hele streek ryk
aan water was, voordat Jeho-
vah Sodom en Gomor′ra ver-
woes het, soos die tuin van Je-
hovah,[m] soos Egipteland, tot
by Soar.[n] **11** Toe het Lot vir
hom die hele Jordaandistrik ge-
kies, en Lot het sy kamp na
die ooste verskuif. So het hul-
le die een van die ander geskei.
**12** Abram het in die land Ka-
naän gewoon, maar Lot het tus-
sen die stede van die Distrik ge-
woon.[a] Uiteindelik het hy naby
Sodom tent opgeslaan. **13** En
die manne van Sodom was sleg
en was growwe sondaars teen
Jehovah.[b]

**14** En Jehovah het vir
Abram gesê, nadat Lot van hom
geskei het: "Slaan asseblief jou
oë op en kyk van die plek waar
jy is noordwaarts en suidwaarts
en ooswaarts en weswaarts,[c]
**15** want die hele land waar-
na jy kyk, gaan ek aan jou en
aan jou saad gee, tot onbepaal-
de tyd.[d] **16** En ek sal jou saad
soos die stofdeeltjies van die
aarde maak, sodat, as 'n mens
die stofdeeltjies van die aarde
kon tel, jou saad dan ook getel
sou kon word.[e] **17** Staan op,
trek deur die land in sy leng-
te en in sy breedte, want ek
gaan dit aan jou gee."[f] **18** En
Abram het in tente bly woon.
Later het hy gaan woon tussen
die groot bome van Mamre,[g]
wat in Hebron[h] is; en daar het
hy 'n altaar vir Jehovah gebou.[i]

**14** En in die dae van Am′ra-
fel, die koning van Si′ne-
ar,[j] A′riog, die koning van Ella′-
sar, Kedorlao′mer,[k] die koning
van Elam,[l] en Tidal, die koning
van Gojim,[m] **2** het hulle oor-
log gevoer teen Bera, die ko-
ning van Sodom,[n] en teen Bir-
sa, die koning van Gomor′ra,[o]
Sinab, die koning van Adma,[p]
en Seme′ber, die koning van Se-
bo′jim,[q] en die koning van Bela
(dit wil sê Soar).[r] **3** Hulle al-
mal het as bondgenote opge-
ruk[s] na die Siddimlaagvlakte,[t]
dit is die Soutsee.[u]

**4** Twaalf jaar lank het hul-
le Kedorlao′mer gedien, maar

**HFST. 12**
a Ps 105:14

**HFST. 13**
b Ge 12:9; Ge 20:1
c Ge 24:35; De 8:18
d Ge 12:8; Jos 7:2
e Ge 12:7
f Ge 21:33; Jes 12:4; Ro 10:13
g Ge 36:7
h Ge 10:19; Ge 15:18
i Ge 11:27
j Ps 133:1; Spr 15:18; Ro 12:10
k Spr 17:14; Ro 12:18; Heb 12:14
l Ge 19:28
m Ge 2:9; Jes 51:3; Ese 36:35
n Ge 19:22

**Tweede kol.**
a Ge 19:29
b Ge 18:20; Ge 19:5; Ro 1:27; 2Pe 2:6; Jud 7
c De 34:1
d Ge 12:7; Ge 15:18; Ge 24:7; Eks 33:1
e Ge 12:2; Ge 15:5; Eks 1:7; De 26:5; Heb 11:12
f De 34:4; Jos 12:7
g Ge 18:1; Ge 23:19; Ge 25:9
h Ge 23:2
i Ge 12:7

**HFST. 14**
j Ge 10:10
k Ge 14:17
l Ge 10:22
m Ge 14:9
n Ge 10:19; Ge 13:12; 2Pe 2:6
o Ge 13:10; Ge 18:20; Jud 7
p Ho 11:8
q De 29:23
r De 34:3
s Rig 20:11
t Ge 14:10
u De 3:17

die dertiende jaar het hulle in
opstand gekom. **5** En in die
veertiende jaar het Kedorlao′-
mer gekom, en ook die konings
wat saam met hom was, en hul-
le het die Refaïete in As′te-
rot-Karna′im,[a] en die Susiete in
Ham, en die Emiete[b] in Sawe-
Kirjata′im verslaan, **6** en die
Horiete[c] in hulle gebergte Seïr,[d]
tot by El-Paran,[e] wat aan die
wildernis lê. **7** Toe het hulle
omgedraai en by En-Mispat,
dit is Kades,[f] gekom en die
hele gebied van die Amalekie-
te[g] verower en ook die Amorie-
te[h] wat in Ha′sason-Ta′mar[i] ge-
woon het.

**8** Op dié tydstip het die ko-
ning van Sodom opgetrek, en
ook die koning van Gomor′ra
en die koning van Adma en die
koning van Sebo′jim en die ko-
ning van Bela (dit wil sê Soar),
en hulle het hulle in die Sid-
dimlaagvlakte in slagorde teen
hulle opgestel,[j] **9** teen Kedor-
lao′mer, die koning van Elam,
en Tidal, die koning van Go-
jim, en Am′rafel, die koning
van Si′near, en A′riog, die ko-
ning van Ella′sar;[k] vier konings
teen die vyf. **10** En die Sid-
dimlaagvlakte[l] was die een as-
faltput op die ander;[m] en die
konings van Sodom en Gomor′-
ra[n] het gevlug en daarin ge-
val, en dié wat oorgebly het,
het na die bergstreek gevlug.[o]
**11** Toe het die oorwinnaars al
die goed van Sodom en Gomor′-
ra en al hulle voedsel geneem
en weggegaan.[p] **12** Hulle het
ook Lot, die seun van Abram
se broer, en sy goed geneem en
verder gegaan. Hy het toe in
Sodom gewoon.[q]

**13** Daarna het ’n man wat
ontkom het, vir Abram, die He-
breër,[r] kom vertel. Hy het toe
gewoon tussen die groot bome
van Mamre, die Amoriet,[a] die
broer van Eskol en die broer
van Aner;[b] en hulle was bond-
genote van Abram. **14** So het
Abram te hore gekom dat sy
broer gevange geneem is.[c]
Daarop het hy sy geoefende
manne bymekaargeroep,[d] drie-
honderd-en-agtien slawe wat in
sy huis gebore is,[e] en hulle tot
by Dan[f] agtervolg. **15** En in
die nag het hy sy strydmag, hy
en sy slawe, teen hulle verdeel,[g]
en so het hy hulle verslaan
en hulle agtervolg tot by Hoba,
wat noord van Damaskus lê.
**16** En hy het al die goed terug-
gekry, en hy het ook sy broer
Lot en sy goedere teruggekry[h]
en ook die vroue en die mense.[i]

**17** Ná sy terugkeer van die
oorwinning oor Kedorlao′mer
en die konings wat saam met
hom was, het die koning van So-
dom uitgetrek om hom te ont-
moet, na die Sawelaagvlakte,
dit is die koning se Laagvlakte.[j]
**18** En Melgise′dek,[k] die koning
van Salem,[l] het brood en wyn
uitgebring,[m] en hy was ’n pries-
ter van die Allerhoogste God.[n]
**19** Toe het hy hom geseën en
gesê:

“Mag Abram geseën word
deur die Allerhoogste
God,[o]
Voortbringer van hemel
en aarde;[p]
**20** En mag die Allerhoogste
God geloof word,[q]
Wat u onderdrukkers in u
hand oorgelewer het!”[r]

Daarop het Abram hom ’n tien-
de van alles gegee.[s]

**21** Daarna het die koning
van Sodom vir Abram gesê:
“Gee my die siele,[t] maar neem
die goed vir jou.” **22** Hier-
op het Abram vir die koning
van Sodom gesê: “Ek hef my
hand op in ’n eed[u] tot Jehovah,

HFST. 14
a De 1:4
b De 2:10
c De 2:12
d Ge 36:8
e Ge 21:21
f Nu 20:1
g Ge 36:12, 1Sa 15:2
h Ge 10:16
i 2Kr 20:2
j Ge 14:3
k Ge 14:1
l Ge 14:3
m Ge 11:3, Eks 2:3
n De 29:23
o Ge 19:30
p Ge 14:16
q Ge 19:1, 2Pe 2:7
r Ge 40:15, Eks 3:18

Tweede kol.
a Ge 10:16, Ge 13:18
b Ge 14:24, Nu 32:9
c Ge 11:27
d 1Kn 20:27
e Ge 17:12
f Rig 18:29
g Ge 32:7, Rig 7:16
h 1Sa 30:19
i Eks 15:13
j 2Sa 18:18
k Ps 110:4, Heb 6:20, Heb 7:3, Heb 7:10
l Heb 7:1
m Rig 19:19
n Ps 83:18, Heb 5:10
o Ga 3:14
p Ps 115:15, Op 10:6
q 1Kr 29:10
r De 28:7
s Ge 28:22, Heb 7:4
t Ge 46:15, Jer 39:18
u De 32:40

die Allerhoogste God, Voort-
bringer van hemel en aarde,
**23** dat ek, van 'n garingdraad
tot 'n sandaalriem, nee, niks
sal neem van enigiets wat aan
u behoort nie,[a] sodat u nie kan
sê: 'Ek het Abram ryk gemaak'
nie. **24** Niks vir my nie![b] Net
wat die jong manne reeds geëet
het, en die deel van die manne
wat saam met my gegaan het,
Aner, Eskol en Mamre[c]—laat
hulle hulle deel neem."[d]

**15** Ná hierdie dinge het die
woord van Jehovah in
'n visioen tot Abram gekom[e]
en gesê: "Moenie vrees nie,[f]
Abram. Ek is 'n skild vir jou.[g]
Jou beloning sal baie groot
wees."[h] **2** Hierop het Abram
gesê: "Soewereine Heer Jeho-
vah, wat sal u my gee, aange-
sien ek kinderloos heengaan en
die een wat my huis sal besit,
'n man van Damaskus, Eliëser,[i]
is?" **3** En Abram het byge-
voeg: "Kyk! U het my geen saad
gegee nie,[j] en kyk! 'n seun[k] van
my huis volg my as erfgenaam
op." **4** Maar kyk! die woord
van Jehovah tot hom het soos
volg gelui: "Hierdie man sal jou
nie as erfgenaam opvolg nie,
maar een wat uit jou liggaam
sal voortkom, sal jou as erfge-
naam opvolg."[l]

**5** Hy het hom toe na bui-
te gebring en gesê: "Kyk asse-
blief op na die hemel en tel
die sterre, as jy hulle enigsins
kan tel."[m] En hy het verder
vir hom gesê: "So sal jou saad
word."[n] **6** En hy het geloof in
Jehovah gestel;[o] en hy het hom
dit as regverdigheid toegere-
ken.[p] **7** Toe het hy verder vir
hom gesê: "Ek is Jehovah, wat
jou uit Ur van die Galdeërs ge-
bring het om jou hierdie land te
gee om dit in besit te neem."[q]
**8** Hierop het hy gesê: "Soewe-
reine Heer Jehovah, waaraan
sal ek weet dat ek dit in be-
sit sal neem?"[a] **9** Toe het hy
vir hom gesê: "Neem vir my 'n
drie jaar oue vers en 'n drie
jaar oue bokooi en 'n drie jaar
oue ram en 'n tortelduif en 'n
jong duif."[b] **10** En hy het dit
alles by hom geneem en hulle
in twee gesny en elke deel daar-
van so gesit dat dit by die ander
pas, maar die voëls het hy nie in
stukke gesny nie.[c] **11** En die
roofvoëls het op die karkasse
begin neerdaal,[d] maar Abram
het hulle bly verwilder.

**12** Na 'n ruk was die son
op die punt om onder te gaan,
en 'n diep slaap het op Abram
geval,[e] en kyk! 'n verskrikli-
ke groot duisternis het oor hom
neergedaal. **13** En hy het vir
Abram begin sê: "Jy kan vir se-
ker weet dat jou saad 'n inwo-
nende vreemdeling sal word in
'n land wat nie hulle s'n is nie,[f]
en hulle sal hulle moet dien, en
dié sal hulle beslis vierhonderd
jaar lank verdruk.[g] **14** Maar
ek oordeel die nasie vir wie
hulle sal dien,[h] en daarna sal
hulle met baie goed uittrek.[i]
**15** Wat jou betref, jy sal in vre-
de na jou voorvaders gaan; jy
sal op 'n goeie ouderdom begra-
we word.[j] **16** Maar in die vier-
de geslag sal hulle hierheen te-
rugkeer,[k] omdat die oortreding
van die Amoriete nog nie tot
voltooiing gekom het nie."[l]

**17** Die son het toe onderge-
gaan en daar het 'n dik duister-
nis gekom, en kyk! 'n rokende
oond en 'n vuurfakkel het tus-
sen hierdie stukke deurge-
gaan.[m] **18** Op dié dag het Je-
hovah 'n verbond met Abram
gesluit[n] en gesê: "Aan jou saad
sal ek hierdie land gee,[o] van
die rivier van Egipte af tot
by die groot rivier, die Eufraat-

**HFST. 14**
a Est 9:15
b Han 20:33
c Ge 14:13
d Spr 3:27; 1Ti 5:18

**HFST. 15**
e Eks 6:3; Nu 12:6
f Ps 27:1; Jes 41:10; Ro 8:31; Heb 13:6
g De 33:29; Spr 30:5
h Ge 17:6; Heb 11:6
i Ge 24:2
j Ge 12:7; Han 7:5
k Eks 2:10
l Ge 21:12
m Jer 33:22
n Ge 22:17; De 1:10; Heb 11:12
o Ro 4:18; Heb 11:8; Jak 2:23
p Ro 4:13; Ro 4:22; Ga 3:6
q Ge 11:31; Ne 9:7; Ps 105:11

**Tweede kol.**
a Rig 6:17; Lu 1:18
b Le 1:14
c Le 1:17
d Le 11:13
e 1Sa 26:12
f De 10:19; Heb 11:13
g Ge 21:9; Eks 1:14; Eks 3:7; Han 7:6
h Eks 7:4; Nu 33:4
i Eks 3:22; Ps 105:37
j Ge 25:8
k Jos 14:1; Han 7:7
l 1Kn 21:26; 2Kn 21:11; 1Te 2:16
m 1Kr 21:26; Jer 34:18
n Ge 17:19; Ge 22:17; Ga 3:17
o Eks 3:8

rivier:[a] **19** die Keniete[b] en die
Kenissiete en die Kadmoniete
**20** en die Hetiete[c] en die Peris-
siete[d] en die Refaïete[e] **21** en
die Amoriete en die Kanaäniete
en die Girgasiete en die Jebusie-
te."[f]

**16** En Sarai, Abram se vrou,
het vir hom geen kin-
ders gebaar nie;[g] maar sy het
'n Egiptiese diensmeisie ge-
had, en haar naam was Ha-
gar.[h] **2** Sarai het derhalwe vir
Abram gesê: "Kyk tog! Jehovah
het my daarvan uitgesluit om
kinders te baar.[i] Hou asseblief
gemeenskap met my diensmei-
sie. Miskien sal ek van haar
kinders kry."[j] En Abram het
na die stem van Sarai geluis-
ter.[k] **3** Toe het Sarai, Abram
se vrou, haar Egiptiese diens-
meisie Hagar geneem, nadat
Abram tien jaar in die land Ka-
naän gewoon het, en haar vir
haar man Abram as vrou ge-
gee.[l] **4** Toe het hy met Hagar
gemeenskap gehad, en sy het
swanger geword. Toe sy agter-
kom dat sy swanger is, het haar
meesteres veragtelik in haar oë
geword.[m]

**5** Hierop het Sarai vir Abram
gesê: "Mag die geweld wat my
aangedoen is, op jou wees. Ek
self het my diensmeisie aan jou
boesem oorgegee, en sy het ag-
tergekom dat sy swanger is,
en ek het veragtelik in haar
oë geword. Mag Jehovah tussen
my en jou oordeel."[n] **6** Daar-
op het Abram vir Sarai gesê:[o]
"Kyk! Jou diensmeisie is tot jou
beskikking. Doen met haar wat
goed is in jou oë."[p] Toe het Sa-
rai haar begin verneder sodat
sy van haar af weggevlug het.[q]

**7** Later het Jehovah se en-
gel[r] haar by 'n waterfontein
in die wildernis gevind, by die
fontein op pad na Sur.[a] **8** En
hy het begin sê: "Hagar, diens-
meisie van Sarai, presies waar
kom jy vandaan en waar gaan
jy heen?" Hierop het sy gesê:
"Ek vlug van my meesteres Sa-
rai af weg." **9** En Jehovah se
engel het verder vir haar ge-
sê: "Keer terug na jou meeste-
res en verneder jou onder haar
hand."[b] **10** Toe het Jehovah
se engel vir haar gesê: "Ek
sal jou saad grootliks vermeer-
der,[c] sodat dit vanweë die me-
nigte nie getel kan word nie."[d]
**11** Jehovah se engel het verder
ook vir haar gesê: "Kyk, jy is
swanger, en jy sal geboorte gee
aan 'n seun en moet hom Is′ma-
el[e] noem; want Jehovah het van
jou ellende gehoor.[f] **12** Wat
hom betref, hy sal 'n sebra van
'n mens word. Sy hand sal teen
almal wees, en almal se hand
sal teen hom wees;[g] en voor die
aangesig van al sy broers sal hy
woon."[h]

**13** Toe het sy die naam van
Jehovah, wat met haar gepraat
het, genoem: "U is 'n God wat
sien",[i] want sy het gesê: "Het ek
hier werklik hom aanskou wat
my sien?" **14** Daarom is die
put Beër-Lahai-Roï[j] genoem.
Kyk, dit is tussen Kades en
Bered. **15** Later het Hagar
vir Abram 'n seun gebaar, en
Abram het sy seun wat Hagar
gebaar het, Is′mael[k] genoem.
**16** En Abram was ses-en-tagtig
jaar oud toe Hagar Is′mael vir
Abram gebaar het.

**17** Toe Abram nege-en-ne-
gentig jaar oud was, het
Jehovah aan Abram verskyn en
vir hom gesê:[l] "Ek is God die Al-
magtige.[m] Wandel voor my en
wees onberispelik.[n] **2** En ek
sal my verbond gee tussen my
en jou,[o] sodat ek jou uitermate
kan vermeerder."[p]

**HFST. 15**
a 1Kn 4:21
b 1Sa 15:6
c Jos 1:4
d Eks 3:17
e Jos 17:15
f De 7:1

**HFST. 16**
g Ge 15:3
h Ge 12:16, Ga 4:25
i Ge 20:17
j Ge 30:3
k Ge 21:12, Ef 5:21
l Ge 30:9
m 1Sa 1:6
n Eks 5:21, 1Sa 24:12, Ps 43:1
o Spr 15:1, Spr 15:18
p Spr 29:19
q Spr 15:12, Pr 10:4, 1Pe 2:20
r Ge 22:11

**Tweede kol.**
a Ge 25:18, Eks 15:22
b Pr 10:4, Ef 6:5, Tit 2:9
c Ge 17:20
d Ge 25:13, 1Kr 1:29, Ef 6:8
e Ge 17:18
f Ps 22:24
g Ge 37:28
h Ge 21:20
i 2Kr 16:9, Spr 5:21, Spr 15:3, Heb 4:13
j Ge 24:62
k Ge 21:9, Ga 4:24

**HFST. 17**
l Ge 12:7
m Op 16:7
n Ps 15:2, Ps 18:23
o Ps 105:8, Ga 3:17
p Ge 22:17, De 1:10, Heb 11:12

3 Hierop het Abram op sy
gesig geval,[a] en God het ver-
der met hom gepraat en gesê:
4 “Wat my betref, kyk! my ver-
bond is met jou,[b] en jy sal beslis
’n vader van ’n menigte nasies
word.[c] 5 En jy sal nie meer
Abram genoem word nie, en jou
naam sal Abraham word, want
ek sal jou ’n vader van ’n menig-
te nasies maak. 6 En ek sal
jou uitermate vrugbaar maak
en sal jou nasies laat word, en
konings sal uit jou voortkom.[d]
7 “En ek sal my verbond na-
kom tussen my en jou[e] en jou
saad ná jou volgens hulle ge-
slagte, as ’n verbond tot onbe-
paalde tyd,[f] om my aan jou en
aan jou saad ná jou as God te
bewys.[g] 8 Ek sal aan jou en
jou saad ná jou die land van
jou vreemdelingskap gee,[h] ja,
die hele land Kanaän, as ’n be-
sitting tot onbepaalde tyd; en
ek sal my aan hulle as God be-
wys.”[i]
9 En God het verder vir
Abraham gesê: “Wat jou betref,
jy moet my verbond hou, jy en
jou saad ná jou volgens hulle ge-
slagte.[j] 10 Dit is my verbond
wat julle sal hou, tussen my en
julle, ja, jou saad ná jou:[k] Almal
wat manlik is onder julle, moet
besny word.[l] 11 En julle moet
aan die vlees van julle voorhuid
besny word, en dit sal dien as
’n teken van die verbond tussen
my en julle.[m] 12 En almal wat
manlik is onder julle, agt dae
oud, moet besny word,[n] volgens
julle geslagte, elkeen wat in die
huis gebore is en elkeen wat
met geld gekoop is van enige
uitlander wat nie van jou saad
is nie. 13 Elke man wat in jou
huis gebore is en elke man wat
met jou geld gekoop is, moet
vir seker besny word;[o] en my
verbond in julle vlees sal dien
as ’n verbond tot onbepaalde
tyd.[a] 14 En ’n onbesnede man
wat nie die vlees van sy voor-
huid laat besny nie, ja, daardie
siel moet uit sy volk uitgeroei
word.[b] Hy het my verbond ver-
breek.”
15 En God het verder vir
Abraham gesê: “Wat jou vrou
Sarai betref, jy moet haar nie
Sarai noem nie, want Sara is
haar naam.[c] 16 En ek sal haar
seën en jou ook ’n seun uit haar
gee;[d] en ek sal haar seën, en
sy sal nasies word;[e] konings van
volke sal uit haar voortkom.”[f]
17 Hierop het Abraham op sy
gesig geval en begin lag en in sy
hart gesê:[g] “Sal daar vir ’n man
wat honderd jaar oud is, ’n kind
gebore word, en sal Sara, ja, sal
’n vrou wat negentig jaar oud is,
geboorte gee?”[h]
18 Daarna het Abraham vir
die ware God gesê: “Ag, mag Is′-
mael voor u lewe!”[i] 19 Hierop
het God gesê: “Jou vrou Sara
baar inderdaad vir jou ’n seun,
en jy moet hom Isak[j] noem. En
ek sal my verbond met hom
tot stand bring as ’n verbond
tot onbepaalde tyd vir sy saad
ná hom.[k] 20 Maar wat Is′ma-
el betref, het ek jou gehoor.
Kyk! Ek sal hom seën en sal
hom vrugbaar maak en sal hom
uitermate vermeerder.[l] Hy sal
beslis twaalf owerstes voort-
bring, en ek sal hom ’n groot
nasie laat word.[m] 21 Maar my
verbond sal ek met Isak tot
stand bring,[n] wat Sara op hier-
die vasgestelde tyd volgende
jaar vir jou sal baar.”[o]
22 Toe het God opgehou om
met hom te praat en van Abra-
ham af opgevaar.[p] 23 Daarop
het Abraham sy seun Is′mael
geneem en al die manne wat in
sy huis gebore is en almal wat
met sy geld gekoop is, almal

**HFST. 17**

a Rig 13:20 Mt 17:6
b Ps 105:9
c Ge 13:16 Ro 4:17
d 2Kn 1:18
e Mi 7:20 Lu 1:72
f Rig 2:1 Ps 105:10
g Eks 19:5 Mr 12:26
h Eks 6:4 Heb 11:9
i De 14:2 Ps 105:11
j Eks 19:5 De 11:13
k Ge 21:4 Lu 2:21
l Ge 34:15 Jos 5:2 Ro 2:29
m Han 7:8 Ro 4:11
n Ge 21:4 Lu 2:21 Flp 3:5
o Eks 12:44 Han 16:3

**Tweede kol.**

a Rig 2:1 Ps 111:5
b Eks 4:24 Nu 15:31 Joh 7:23
c Ge 11:29
d Ge 18:10 Ro 9:9
e Ge 35:11
f 2Kr 28:26
g Ge 18:12 Ge 21:6 Lu 2:19
h Ro 4:19 Heb 11:11
i Ge 16:11
j Mt 1:2 Ro 9:7 Ga 4:28
k Ge 26:24 Ps 105:9 Lu 1:33 Ga 4:28
l Ge 16:10 Ge 21:13 Ge 25:13
m Ge 21:18 1Kr 1:29
n Ge 26:3 Eks 2:24 Heb 11:9
o Ge 18:14 Ge 21:1
p De 5:4

wat manlik was onder die men-
se in die huis van Abraham, en
hy het op daardie selfde dag die
vlees van hulle voorhuid besny,
net soos God vir hom gesê het.[a]
**24** En Abraham was nege-en-
negentig jaar oud toe hy die
vlees van sy voorhuid laat be-
sny het.[b] **25** En sy seun Is′-
mael was dertien jaar oud toe
hy die vlees van sy voorhuid
laat besny het.[c] **26** Op daar-
die selfde dag is Abraham be-
sny, en ook sy seun Is′mael.[d]
**27** En al die manne van sy huis,
elkeen wat in die huis gebore is
en elkeen wat van ’n uitlander
met geld gekoop is, is saam met
hom besny.[e]

**18** Daarna het Jehovah aan
hom verskyn[f] tussen die
groot bome van Mamre,[g] ter-
wyl hy op die warmste van die
dag by die ingang van die tent
gesit het.[h] **2** Toe hy sy oë op-
slaan,[i] het hy gekyk, en daar
het drie manne ’n ent van hom
af gestaan. Toe hy hulle sien,
het hy hulle van die ingang
van die tent af tegemoet begin
hardloop en hom na die aarde
neergebuig.[j] **3** Toe het hy ge-
sê: “Jehovah, as ek nou guns in
u oë gevind het, gaan dan asse-
blief nie by u kneg verby nie.[k]
**4** Laat daar tog ’n bietjie water
gehaal word, en julle moet jul-
le voete laat was.[l] Gaan lê dan
onder die boom.[m] **5** En laat
ek ’n stukkie brood gaan haal,
en verkwik julle hart.[n] Daar-
na kan julle verder gaan, want
daarom het julle hier by julle
kneg verbygekom.” Hierop het
hulle gesê: “Nou maar goed. Jy
mag doen net soos jy gesê het.”

**6** Toe het Abraham hom na
die tent, na Sara toe, gehaas en
gesê: “Maak gou! Kry drie sea
fynmeel, knie die deeg en maak
ronde koeke.”[o] **7** Daarop het
Abraham na die beeste gehard-
loop en ’n sagte en goeie jong
bul geneem en dit vir die die-
naar gegee, en hy het hom ge-
haas om dit gereed te maak.[a]
**8** Hy het toe botter en melk en
die jong bul wat hy gereedge-
maak het, geneem en dit aan
hulle voorgesit.[b] Toe het hy by
hulle onder die boom bly staan
terwyl hulle geëet het.[c]

**9** Hulle het toe vir hom ge-
sê: “Waar is jou vrou Sara?”[d]
Hierop het hy gesê: “Hier in die
tent!”[e] **10** Toe het hy verder
gesê: “Ek gaan gewis volgen-
de jaar dié tyd na jou toe te-
rugkeer, en kyk! jou vrou Sara
sal ’n seun hê.”[f] En Sara het
by die ingang van die tent ge-
luister, en dit was agter die
man. **11** En Abraham en Sara
was oud, gevorderd in jare.[g]
Sara het al opgehou om te men-
strueer.[h] **12** Sara het derhal-
we by haarself begin lag[i] en
gesê: “Sal ek, noudat ek afge-
leef is, werklik genot hê, terwyl
my heer bowendien oud is?”[j]
**13** Toe het Jehovah vir Abra-
ham gesê: “Waarom het Sara
gelag en gesê: ‘Sal ek waarlik-
waar geboorte gee, hoewel ek
oud geword het?’[k] **14** Is enig-
iets te buitengewoon vir Jeho-
vah?[l] Op die vasgestelde tyd sal
ek na jou toe terugkeer, vol-
gende jaar dié tyd, en Sara sal
’n seun hê.” **15** Maar Sara het
dit begin ontken en gesê: “Ek
het nie gelag nie!” Want sy was
bang. Hierop het hy gesê: “Nee!
maar jy hét gelag.”[m]

**16** Later het die manne
daarvandaan opgestaan en in
die rigting van Sodom[n] afge-
kyk, en Abraham het saam met
hulle geloop om hulle te verge-
sel.[o] **17** En Jehovah het gesê:
“Hou ek vir Abraham verbor-
ge wat ek doen?[p] **18** Abraham

**HFST. 17**
a Ge 17:13, Jos 5:2, Ro 2:29
b Han 7:8, Ro 4:11
c Ge 16:16
d Ps 119:60
e Eks 12:44

**HFST. 18**
f Ge 16:7, Rig 13:21, Han 7:2
g Ge 13:18, Ge 14:13
h Ge 31:40, Mt 20:12
i Ge 19:1, Ge 22:4
j Ge 23:7, Rut 2:10
k Han 16:15
l Ge 24:32, 1Sa 25:41, Joh 13:5
m Joh 6:10
n Ps 104:15
o Ge 19:3, Eks 12:39

**Tweede kol.**
a Lu 15:23
b De 32:14, 2Sa 17:29
c Lu 12:37, Ro 12:13, Heb 13:2
d Ge 17:15
e Ge 24:67, Ge 31:33
f Ge 21:2, Mt 3:9, Ro 9:9
g Ge 17:17
h Le 15:19, Ro 4:19
i Ge 17:17
j Lu 11:27, Heb 11:11, 1Pe 3:6
k Jes 40:29
l Mt 19:26, Lu 1:37
m Ps 44:21, Heb 4:13
n Ge 13:12
o 2Sa 19:31, Han 20:38, Ro 15:24
p Ps 25:14, Am 3:7

gaan tog gewis ’n groot en mag-
tige nasie word, en al die na-
sies van die aarde sal hulle-
self deur middel van hom seën.[a]
**19** Want ek het met hom be-
kend geraak dat hy sy seuns en
sy huis ná hom bevel kan gee,
sodat hulle Jehovah se weg sal
hou om regverdigheid en reg
te doen;[b] sodat Jehovah waarlik
oor Abraham kan bring wat hy
omtrent hom gespreek het.”[c]

**20** Toe het Jehovah gesê:
“Die klaaggeroep oor Sodom
en Gomor′ra,[d] ja, dit is hard,
en hulle sonde, ja, dit is baie
swaar.[e] **21** Ek is vasbeslote
om af te gaan sodat ek kan sien
of hulle werklik optree volgens
die geroep wat daaroor by my
gekom het, en so nie, dan kan
ek dit te wete kom.”[f]

**22** Op dié tydstip het die
manne daarvandaan wegge-
draai en na Sodom vertrek;
maar wat Jehovah[g] betref, hy
het steeds voor Abraham ge-
staan.[h] **23** Toe het Abra-
ham nader gekom en begin sê:
“Sal u werklik die regverdige
saam met die goddelose weg-
vee?[i] **24** Gestel daar is vyftig
regverdiges binne-in die stad.
Sal u hulle dan wegvee en die
plek nie vergewe ter wille van
die vyftig regverdiges wat daar-
in is nie?[j] **25** Dit is ondenk-
baar van u dat u op hierdie ma-
nier handel om die regverdige
saam met die goddelose dood
te maak, sodat dit met die reg-
verdige moet gaan soos met die
goddelose![k] Dit is ondenkbaar
van u.[l] Sal die Regter van die
hele aarde nie doen wat reg is
nie?”[m] **26** Toe het Jehovah ge-
sê: “As ek in Sodom vyftig reg-
verdiges binne-in die stad vind,
sal ek die hele plek ter wille
van hulle vergewe.”[n] **27** Maar
Abraham het geantwoord en
gesê: “Asseblief, kyk, ek het dit
op my geneem om met Jehovah
te praat, hoewel ek stof en as
is.[a] **28** Gestel dat daar aan die
vyftig regverdiges vyf sou ont-
breek. Sal u die hele stad weens
die vyf verwoes?” Hierop het
hy gesê: “Ek sal dit nie verwoes
as ek vyf-en-veertig daar vind
nie.”[b]

**29** Maar hy het weer eens
verder met hom gepraat en ge-
sê: “Gestel daar word veertig
gevind.” En hy het gesê: “Ek
sal dit ter wille van die veer-
tig nie doen nie.” **30** Maar hy
het verder gesê: “Mag Jehovah
se toorn asseblief tog nie ont-
vlam nie,[c] maar laat my verder
praat:[d] Gestel daar word der-
tig gevind.” En hy het gesê:
“Ek sal dit nie doen as ek der-
tig daar vind nie.” **31** Maar
hy het nog verder gesê: “As-
seblief tog, kyk, ek het dit op
my geneem om met Jehovah te
praat:[e] Gestel daar word twin-
tig gevind.” En hy het gesê: “Ek
sal dit ter wille van die twin-
tig nie verwoes nie.”[f] **32** Ten
slotte het hy gesê: “Mag Jeho-
vah se toorn asseblief tog nie
ontvlam nie,[g] maar laat my nog
hierdie een keer praat:[h] Gestel
daar word tien gevind.” En hy
het gesê: “Ek sal dit ter wille
van die tien nie verwoes nie.”[i]
**33** Toe het Jehovah[j] wegge-
gaan nadat hy opgehou het om
met Abraham te praat, en Abra-
ham het na sy plek terugge-
keer.

**19** En die twee engele het
teen die aand by Sodom
aangekom, en Lot het in die
poort van Sodom[k] gesit. Toe
Lot hulle sien, het hy opge-
staan om hulle tegemoet te
gaan en hom met sy gesig na
die aarde neergebuig.[l] **2** En
hy het gesê: “Asseblief tog my

**HFST. 18**
a Ge 12:3; Sag 8:23; Ga 3:14
b 2Sa 22:25; Ps 15:2; Spr 2:9; Spr 21:3
c De 4:9
d Spr 21:13; 2Pe 2:8
e Ge 9:25; Ge 13:13; Jes 3:9; Jud 7
f Ge 11:5; Eks 3:7; Jos 22:22; Ps 14:2
g Ge 31:11; Ge 32:30; Rig 6:11
h Ps 106:23
i Ge 20:4; Nu 16:22; Job 34:19; Jer 15:1; Mt 13:49; Ro 3:5
j Jer 5:1
k Ps 37:10; Spr 29:16; Mal 3:18
l De 32:4
m Job 34:12; Ps 50:6; Ps 94:2; Jes 33:22; Sag 7:9
n Jer 5:1; Ese 22:30

**Tweede kol.**
a Ge 3:19; Job 30:19; Ps 113:7; 1Ko 15:47
b Nu 14:18; Ps 78:38; Jes 65:8
c Eks 34:6; Esr 5:12; Ps 86:15; Heb 12:29
d Heb 4:16
e Job 40:4; Mt 7:7; Lu 11:8
f Ps 9:12; Han 27:24
g Rig 6:39; Heb 3:15
h Eks 4:10; Ps 86:6
i Jes 1:9; Ese 14:16
j Ge 18:22

**HFST. 19**
k Rut 4:1; Est 2:19
l Ge 18:2; 1Sa 24:8

here, draai asseblief uit na die
huis van julle kneg en bly die
nag oor en laat julle voete was.[a]
Dan moet julle vroeg opstaan
en verder reis."[b] Hierop het hul-
le gesê: "Nee, maar ons sal op
die openbare plein oornag."[c]
**3** Maar hy het by hulle aange-
dring,[d] sodat hulle na hom toe
uitgedraai en in sy huis gekom
het. Toe het hy vir hulle 'n fees-
maal klaargemaak,[e] en hy het
ongesuurde koeke gebak,[f] en
hulle het geëet.

**4** Voordat hulle kon gaan lê,
het die manne van die stad, die
manne van Sodom, die huis om-
singel,[g] seun sowel as ou man,
die hele volk in een oproerige
skare.[h] **5** En hulle het na Lot
bly roep en vir hom gesê: "Waar
is die manne wat vanaand by
jou gekom het? Bring hulle na
ons toe uit sodat ons met hulle
gemeenskap kan hê."[i]

**6** Uiteindelik het Lot na hul-
le toe uitgegaan, by die ingang,
maar hy het die deur agter
hom gesluit. **7** Toe het hy ge-
sê: "Asseblief, my broers, moe-
nie sleg optree nie.[j] **8** Asse-
blief tog, kyk, ek het twee
dogters wat nog nooit met 'n
man gemeenskap gehad het
nie.[k] Laat ek hulle asseblief na
julle toe uitbring. Doen dan met
hulle wat goed is in julle oë.[l]
Moet net nie iets aan hierdie
manne doen nie,[m] want daarom
het hulle onder die skaduwee
van my dak gekom."[n] **9** Hier-
op het hulle gesê: "Staan terug!"
En hulle het bygevoeg: "Hierdie
enkeling het hierheen gekom
om as 'n vreemdeling te woon[o]
en tog wil hy die regter speel.[p]
Nou gaan ons erger dinge aan
jou doen as aan hulle." En hulle
het met mening teen die man,
teen Lot, begin druk[q] en na-
der gekom om die deur oop te
breek.[a] **10** Toe het die man-
ne hulle hande uitgesteek en
Lot na hulle toe ingebring, in
die huis, en hulle het die deur
gesluit. **11** Maar hulle het die
manne wat by die ingang van
die huis was, met blindheid ge-
slaan,[b] van die geringste tot
die grootste,[c] sodat hulle hulle
moeg gemaak het met die ge-
soek na die ingang.[d]

**12** Toe het die manne vir Lot
gesê: "Het jy enigiemand anders
hier? 'n Skoonseun en jou seuns
en jou dogters en almal wat jou-
ne is in die stad, bring hulle
uit die plek uit![e] **13** Want ons
gaan hierdie plek verwoes, om-
dat die geroep teen hulle hard
geword het voor Jehovah,[f] so-
dat Jehovah ons gestuur het om
die stad te verwoes."[g] **14** Lot
het derhalwe uitgegaan en met
sy skoonseuns begin praat wat
sy dogters sou neem, en hy het
bly sê: "Staan op! Gaan uit hier-
die plek uit, want Jehovah gaan
die stad verwoes!"[h] Maar in die
oë van sy skoonseuns was hy
soos iemand wat 'n grap maak.[i]

**15** Toe die dag egter begin
breek, het die engele sterk by
Lot aangedring en gesê: "Staan
op! Neem jou vrou en jou twee
dogters wat hulle hier bevind,[j]
sodat jy nie in die oortreding
van die stad weggevee word
nie!"[k] **16** Toe hy bly talm,[l] het
die manne, omdat Jehovah me-
delye met hom gehad het,[m] sy
hand en die hand van sy vrou
en die hand van sy twee dog-
ters gegryp, en hulle het hom
uitgebring en hom buite die
stad laat staan.[n] **17** Die oom-
blik toe hulle hulle na die buite-
wyke uitgebring het, het hy be-
gin sê: "Vlug ter wille van jou
siel![o] Moenie agter jou kyk nie[p]
en moet nêrens in die hele Dis-
trik stilstaan nie![q] Vlug na die

**HFST. 19**

a Ge 18:4; Job 31:32; Joh 13:12
b Rig 19:9; 1Sa 29:10
c Rig 19:15
d Rig 19:20; Lu 24:29; Han 16:15
e Ge 18:8; 2Kn 6:23
f Rig 6:19; 1Sa 28:24
g Rig 19:22
h Spr 4:16; Ef 4:19
i Le 18:22; Le 20:13; Ro 1:27; 1Ko 6:9; Jud 7
j Ro 1:24; 2Pe 2:12; Jud 10
k Ge 24:16
l Rig 19:24
m Ro 1:26; 2Pe 2:9
n De 10:19; Rig 19:23; Jes 58:7
o Eks 22:21
p Han 7:27; 1Pe 4:4
q Ps 118:13

**Tweede kol.**

a Spr 14:16
b 2Kn 6:18; Han 13:11
c Jer 8:10
d Pr 10:15; Mt 15:14
e Nu 16:26; 1Sa 15:6; Jer 51:6
f Ge 13:13; Ge 18:20; Jes 3:9
g 1Kr 21:15; Ps 11:6; Mt 13:41
h Nu 16:45; Op 18:4
i 2Kr 36:16; Lu 17:28
j Lu 17:31
k Nu 16:26
l Ro 12:11
m Eks 33:19; Jl 2:18
n Jos 6:23; 2Pe 2:9
o 1Sa 19:11
p Lu 9:62; Flp 3:13
q Ge 13:10; Jer 45:5; Jer 51:50

bergstreek, sodat jy nie wegge-
vee word nie!”[a]
**18** Toe het Lot vir hulle ge-
sê: “Asseblief tog nie dit nie,
Jehovah! **19** Kyk tog, u kneg
het guns in u oë gevind[b] sodat
u u liefderyke goedhartigheid
groot maak,[c] wat u aan my be-
wys het om my siel in die lewe
te hou,[d] maar ek—ek is nie in
staat om na die bergstreek te
vlug nie, uit vrees dat ramp-
spoed naby my sal bly en ek be-
slis sal sterf.[e] **20** Kyk tog,
hierdie stad is naby om daar-
heen te vlug en dit is klein.[f]
Mag ek asseblief daarheen vlug
—is dit nie klein nie?—en my
siel sal bly lewe.”[g] **21** Toe het
hy vir hom gesê: “Kyk, ek neem
jou ook hierin in aanmerking,[h]
deur nie die stad te verwoes
waarvan jy gepraat het nie.[i]
**22** Maak gou! Vlug daarheen,
want ek kan niks doen voordat
jy daar aankom nie!”[j] Daarom
het hy die stad Soar[k] genoem.
**23** Die son het oor die land
opgegaan toe Lot by Soar
aankom.[l] **24** Toe het Jehovah
swael en vuur van Jehovah, uit
die hemel, op Sodom en op Go-
mor′ra laat reën.[m] **25** En hy
het voortgegaan om hierdie
stede te verwoes, ja, die hele
Distrik en al die inwoners van
die stede en die plante van die
grond.[n] **26** En sy vrou het ag-
ter hom begin omkyk, en sy het
’n soutpilaar geword.[o]
**27** En Abraham het die og-
gend vroeg na die plek gegaan
waar hy voor Jehovah gestaan
het.[p] **28** Toe het hy afgekyk
in die rigting van Sodom en
Gomor′ra en in die rigting van
die hele land van die Distrik en
dit aanskou. En kyk, dik rook
het van die land opgestyg soos
die dik rook van ’n droogoond![q]
**29** En toe God die stede van
die Distrik vernietig het, het
God aan Abraham gedink deur-
dat hy stappe gedoen het om
Lot uit die verwoesting weg te
stuur toe hy die stede verwoes
het waar Lot gewoon het.[a]
**30** Later het Lot uit Soar op-
getrek en in die bergstreek
begin woon, en sy twee dog-
ters saam met hom,[b] omdat hy
bang geword het om in Soar[c]
te woon. Daarom het hy in ’n
grot begin woon, hy en sy twee
dogters. **31** En die eersgebo-
rene het vir die jonger vrou ge-
sê: “Ons vader is oud en daar
is geen man in die land om
met ons gemeenskap te hê vol-
gens die wyse van die hele aar-
de nie.[d] **32** Kom, laat ons vir
ons vader wyn gee om te drink[e]
en laat ons by hom gaan lê en
deur ons vader ’n nageslag be-
waar.”[f]
**33** En hulle het gedurende
daardie nag vir hulle vader wyn
bly gee om te drink;[g] toe het
die eersgeborene ingegaan en
by haar vader gaan lê, maar hy
het nie geweet toe sy gaan lê
het en toe sy opgestaan het nie.
**34** En die volgende dag het die
eersgeborene toe vir die jong-
ste gesê: “Kyk, ek het laas nag
by my vader gelê. Laat ons ook
vannag vir hom wyn gee om
te drink. Dan gaan jy in, gaan
lê by hom en laat ons deur
ons vader ’n nageslag bewaar.”
**35** En hulle het ook geduren-
de daardie nag herhaaldelik vir
hulle vader wyn gegee om te
drink; toe het die jongste opge-
staan en by hom gaan lê, maar
hy het nie geweet toe sy gaan lê
het en toe sy opgestaan het nie.
**36** En al twee die dogters van
Lot het by hulle vader swanger
geword.[h] **37** Na verloop van
tyd het die eersgeborene moe-
der van ’n seun geword en hom

HFST. 19
a Mt 24:16, Heb 2:3
b Ge 18:3, Rig 6:17
c Eks 15:13, Mi 7:18
d Ps 41:2, Ps 143:11
e Ps 6:4, Mt 8:25
f 2Kn 3:18
g Ps 68:20, Ps 119:175
h Ps 34:15
i Ge 19:30
j Hab 2:3, 2Pe 3:9, Op 7:3
k Ge 14:2
l Ge 19:27
m De 29:23, Ps 11:6, Jes 1:9, Am 4:11, Lu 17:29, 2Pe 2:6
n Ge 13:10, Ps 107:34, Jer 49:18, Sef 2:9
o Lu 17:32, Heb 10:38
p Ge 18:22
q Jud 7

Tweede kol.
a 2Pe 2:7
b Ge 19:17
c Ge 19:22
d Ge 38:8
e Ge 9:21, Hab 2:15
f Le 18:6
g 1Te 5:7
h Le 18:7, Ese 22:10

Moab[a] genoem. Hy is tot van-
dag toe die vader van Moab.[b]
38 Wat die jongste betref, ook
sy het geboorte gegee aan 'n
seun en hom toe Ben-Ammi ge-
noem. Hy is tot vandag toe die
vader van die kinders van Am-
mon.[c]

**20** En Abraham het daar-
vandaan kamp verskuif[d]
na die land van die Negeb en
tussen Kades[e] en Sur[f] gaan
woon en as 'n vreemdeling in
Gerar[g] gewoon. 2 En Abra-
ham het weer van sy vrou Sara
gesê: "Sy is my suster."[h] Toe het
Abime′leg, die koning van Ge-
rar, gestuur en Sara geneem.[i]
3 Daarop het God in die nag
in 'n droom by Abime′leg ge-
kom en vir hom gesê: "Kyk,
jy is so goed as dood weens die
vrou wat jy geneem het,[j] aan-
gesien sy aan 'n ander eienaar
as vrou behoort."[k] 4 Abime′-
leg het egter nie naby haar ge-
gaan nie.[l] Hy het derhalwe ge-
sê: "Jehovah, sal u 'n nasie
doodmaak wat werklik regver-
dig is?[m] 5 Het hy nie vir my
gesê: 'Sy is my suster' nie? en
sy—het sy nie ook gesê: 'Hy is
my broer' nie? In die opregt-
heid van my hart en met on-
skuld van my hande het ek dit
gedoen."[n] 6 Daarop het die
ware God vir hom in 'n droom
gesê: "Ek het ook geweet dat
jy dit in die opregtheid van jou
hart gedoen het,[o] en ek het
jou ook daarvan teruggehou
om teen my te sondig.[p] Daar-
om het ek jou nie toegelaat om
haar aan te raak nie.[q] 7 Maar
gee nou die man se vrou terug,
want hy is 'n profeet,[r] en hy sal
smeekbedes vir jou doen.[s] Bly
sodoende lewe. Maar as jy haar
nie teruggee nie, weet dan dat
jy sekerlik sal sterf, jy en almal
wat aan jou behoort."[t]

8 En Abime′leg het die og-
gend vroeg opgestaan en al
sy knegte geroep en al hier-
die dinge voor hulle ore ver-
tel. En die manne het baie bang
geword. 9 Toe het Abime′leg
Abraham geroep en vir hom ge-
sê: "Wat het jy ons aangedoen,
en watter sonde het ek teen jou
begaan, dat jy oor my en my ko-
ninkryk 'n groot sonde gebring
het?[a] Dade wat nie gedoen mag
word nie, het jy in verband
met my gedoen."[b] 10 En Abi-
me′leg het verder vir Abra-
ham gesê: "Met watter doel
voor oë het jy dit gedoen?"[c]
11 Hierop het Abraham gesê:
"Dit was omdat ek by myself
gesê het: 'Daar is ongetwyfeld
geen vrees vir God in hierdie
plek nie,[d] en hulle sal my beslis
doodmaak vanweë my vrou.'[e]
12 En sy is buitendien werklik
my suster, die dogter van my
vader, maar nie die dogter van
my moeder nie; en sy het my
vrou geword.[f] 13 En toe God
my van die huis van my va-
der af laat rondswerf het,[g] het
ek vir haar gesê: 'Dít is jou
liefderyke goedhartigheid[h] wat
jy teenoor my kan bewys: Op
elke plek waar ons sal kom,
moet jy van my sê: "Hy is my
broer." ' "[i]

14 Toe het Abime′leg skape
en beeste en diensknegte en
diensmeisies geneem en hulle
aan Abraham gegee en sy
vrou Sara aan hom terugge-
gee.[j] 15 Abime′leg het ver-
der gesê: "Kyk, my land is tot
jou beskikking. Woon waar dit
goed is in jou oë."[k] 16 En vir
Sara het hy gesê: "Hier gee
ek jou broer[l] duisend silwer-
geldstukke. Kyk, dit is vir jou
'n bedekking[m] van die oë met
betrekking tot almal wat by
jou is, en voor elkeen, en jy is

**HFST. 19**
a De 2:9
b Rut 2:6; 1Kr 18:2
c De 2:19; Rig 11:4; Ne 13:1; Sef 2:9

**HFST. 20**
d Ge 13:18
e Nu 13:26
f Ge 25:18
g Ge 10:19
h Ge 12:13; Ge 20:12
i Ge 12:15
j Ge 12:17; Ps 105:14
k De 22:22
l Le 18:19
m Ge 18:25
n 1Kr 29:17; Ps 26:6
o 1Sa 16:7; Spr 21:2; Jer 17:10
p Ge 39:9
q Spr 6:29; 1Ko 7:1
r Eks 7:1; Ps 105:15
s De 9:20; Job 42:8; Jak 5:16; 1Pe 3:12
t Ese 3:19

**Tweede kol.**
a Le 20:10; Heb 13:4
b Spr 28:10
c Ge 12:18; Ge 26:10
d Job 1:1; Spr 8:13
e Ge 12:12; Ge 26:7
f Ge 11:29
g Ge 12:1; Han 7:3
h Ge 47:29; Rut 3:10; 2Sa 9:7; Kol 3:12
i Ge 12:13; Ef 5:22
j Ge 12:16
k Ge 47:6
l Ge 12:13; Ge 20:2
m Spr 12:16

van smaad gesuiwer.” **17** En
Abraham het smeekbedes tot
die ware God begin doen;[a] en
God het Abime′leg en sy vrou
en sy slavinne gesond gemaak,
en hulle het kinders begin baar.
**18** Want Jehovah het elke moe-
derskoot van die huis van Abi-
me′leg heeltemal toegesluit
weens Sara, Abraham se vrou.[b]

**21** En Jehovah het sy aan-
dag op Sara gerig net
soos hy gesê het, en Jehovah
het toe aan Sara gedoen net
soos hy gesê het.[c] **2** En Sara
het swanger geword[d] en toe vir
Abraham op sy oudag ’n seun
gebaar op die vasgestelde tyd
wat God vir hom gesê het.[e]
**3** Gevolglik het Abraham sy
seun wat vir hom gebore is, wat
Sara vir hom gebaar het, Isak[f]
genoem. **4** En Abraham het
sy seun Isak besny toe hy agt
dae oud was, net soos God hom
beveel het.[g] **5** En Abraham
was honderd jaar oud toe sy
seun Isak vir hom gebore is.
**6** Toe het Sara gesê: “God het
vir my ’n gelag berei: almal wat
daarvan hoor, sal vir my lag.”[h]
**7** En sy het bygevoeg: “Wie sou
vir Abraham gesê het: ‘Sara sal
beslis kinders soog’, aangesien
ek op sy oudag aan ’n seun ge-
boorte gegee het?”

**8** En die kind het opgegroei
en is gespeen;[i] en Abraham het
toe ’n groot feesmaal berei op
die dag waarop Isak gespeen is.
**9** En Sara het deurentyd opge-
merk dat die seun van die Egip-
tiese vrou Hagar,[j] wat sy vir
Abraham gebaar het, spot.[k]
**10** Toe het sy vir Abraham be-
gin sê: “Verdryf hierdie slavin
en haar seun, want die seun van
hierdie slavin sal nie saam met
my seun, saam met Isak, ’n erf-
genaam wees nie!”[l] **11** Maar
die saak aangaande sy seun
het Abraham baie mishaag.[a]
**12** Toe het God vir Abraham
gesê: “Moenie dat enigiets wat
Sara vir jou oor die seun en oor
jou slavin bly sê, jou mishaag
nie. Luister na haar stem, want
wat jou saad genoem sal word,
sal deur middel van Isak wees.[b]
**13** En wat die seun van die sla-
vin betref,[c] ek sal hom ook ’n
nasie maak, want hy is jou na-
komeling.”[d]

**14** Toe het Abraham die og-
gend vroeg opgestaan en brood
en ’n leerwatersak geneem en
dit vir Hagar gegee[e] deur dit op
haar skouer te sit, en die kind,[f]
en haar toe weggestuur. En sy
het weggegaan en in die wilder-
nis van Berse′ba[g] rondgedwaal.
**15** Uiteindelik het die water in
die leersak opgeraak,[h] en sy
het die kind onder een van die
struike gegooi.[i] **16** Toe het sy
verder gegaan en alleen gaan
sit, omtrent ’n boogskoot daar-
vandaan, want sy het gesê:
“Laat my nie sien wanneer die
kind sterf nie.”[j] En sy het op ’n
afstand gaan sit en haar stem
begin verhef en gehuil.[k]

**17** Daarop het God die stem
van die seun gehoor,[l] en God se
engel het uit die hemel na Ha-
gar geroep en vir haar gesê:[m]
“Wat makeer jou, Hagar? Moe-
nie bang wees nie, want God
het geluister na die stem
van die seun daar waar hy is.
**18** Staan op, tel die seun op
en hou hom vas met jou hand,
want ek sal hom ’n groot nasie
maak.”[n] **19** Toe het God haar
oë geopen sodat sy ’n waterput
gesien het;[o] en sy het gegaan
en die leersak vol water begin
maak en die seun laat drink.
**20** En God was voortdurend
met die seun,[p] en hy het op-
gegroei en in die wildernis ge-

**HFST. 20**
a Spr 15:8, Jak 5:16
b Ge 12:17

**HFST. 21**
c Ge 18:10
d Heb 11:11
e Ge 17:21, Ge 18:14, 2Kn 4:17, Ro 9:9
f Ge 17:19, Jos 24:3, Ro 9:7
g Ge 17:12, Le 12:3, Lu 2:21, Joh 7:22, Han 7:8
h Ge 18:12
i 1Sa 1:22
j Ge 16:4
k Ge 15:13, Han 7:6, Ga 4:29
l Ge 15:4, Joh 8:35, Ga 4:30

**Tweede kol.**
a Ge 17:18
b Ge 17:19, Ro 9:7, Heb 11:18
c Ga 4:22
d Ge 16:10, Ge 17:20, Ge 25:12
e Ps 119:60
f Ge 25:6
g Ge 22:19
h Eks 15:22, Eks 17:3, Ps 63:1
i Mt 15:30
j Est 8:6, Jes 49:15
k Sag 12:10, Lu 7:13
l Ge 16:11, Ps 22:24, Ps 68:5, Ps 146:9
m Ge 16:7
n 1Kr 1:29
o 2Kn 6:17
p Ge 16:16, Ge 21:5

woon; en hy het ’n boogskutter
geword.[a] **21** En hy het in die
wildernis Paran[b] gaan woon, en
sy moeder het vir hom ’n vrou
uit Egipteland geneem.

**22** En in dié tyd het Abi-
me′leg asook Pikol, sy leër-
hoof, vir Abraham gesê: “God
is met jou in alles wat jy doen.[c]
**23** Sweer dan nou hier by God[d]
vir my dat jy nie aan my en
aan my nakomelinge en aan my
nageslag ontrou sal wees nie;[e]
dat jy, volgens die lojale lief-
de waarmee ek jou behandel
het,[f] met my sal handel en met
die land waarin jy tot nou toe as
’n vreemdeling gewoon het.”[g]
**24** Daarop het Abraham gesê:
“Ek sal sweer.”[h]

**25** Toe Abraham Abime′leg
skerp kritiseer in verband met
die waterput wat die knegte
van Abime′leg met geweld weg-
geneem het,[i] **26** het Abime′-
leg gesê: “Ek weet nie wie dit
gedoen het nie, en jy het my
ook nie daarvan vertel nie, en
ek het ook nie daarvan gehoor
voor vandag nie.”[j] **27** Daarop
het Abraham skape en bees-
te geneem en dit aan Abime′leg
gegee,[k] en hulle twee het ’n ver-
bond gesluit.[l] **28** Toe Abra-
ham sewe ooilammers van die
kleinvee eenkant sit, **29** het
Abime′leg verder vir Abra-
ham gesê: “Wat beteken hier-
die sewe ooilammers wat jy een-
kant gesit het?” **30** Toe het
hy gesê: “Jy moet die sewe ooi-
lammers uit my hand aanvaar,
sodat dit vir my as ’n getuie-
nis kan dien[m] dat ek hierdie put
gegrawe het.” **31** Daarom het
hy daardie plek Berse′ba[n] ge-
noem, omdat hulle twee daar ’n
eed afgelê het. **32** So het hul-
le ’n verbond by Berse′ba ge-
sluit,[o] waarna Abime′leg asook
Pikol, sy leërhoof, opgestaan en
na die land van die Filistyne[a]
teruggekeer het. **33** Daarna
het hy ’n tamariskboom by Ber-
se′ba geplant en daar die naam
van Jehovah, die God wat tot
onbepaalde tyd bestaan,[b] aan-
geroep.[c] **34** En Abraham het
sy verblyf as ’n vreemdeling in
die land van die Filistyne baie
dae verleng.[d]

# 22

En ná hierdie dinge het
die ware God Abraham
op die proef gestel.[e] Gevolglik
het hy vir hom gesê: “Abra-
ham!” waarop hy gesê het:
“Hier is ek!”[f] **2** En hy het ge-
sê: “Neem asseblief jou seun,
jou enigste seun wat jy só lief-
het,[g] Isak,[h] en reis na die land
Mori′a[i] en offer hom daar as ’n
brandoffer op een van die berge
wat ek jou sal aanwys.”[j]

**3** Daarop het Abraham die
oggend vroeg opgestaan en sy
esel opgesaal en twee van sy
dienaars en sy seun Isak saam
met hom geneem;[k] en hy het
die hout vir die brandoffer ge-
kloof. Toe het hy opgestaan en
gereis na die plek wat die ware
God hom aangewys het. **4** Dit
was eers op die derde dag dat
Abraham sy oë opgeslaan en
die plek van ver af begin sien
het. **5** Abraham het toe vir sy
dienaars gesê:[l] “Bly julle hier
met die esel, maar ek en die
seun wil daarheen gaan en aan-
bid[m] en na julle toe terugkeer.”

**6** Daarna het Abraham die
hout van die brandoffer ge-
neem en dit op sy seun Isak ge-
sit[n] en die vuur en die slagmes
in sy hand geneem, en hulle
twee het saam verder gegaan.[o]
**7** En Isak het vir sy vader
Abraham begin sê: “My vader!”[p]
En hy het gesê: “Hier is ek, my
seun!”[q] Toe het hy verder ge-
sê: “Hier is die vuur en die

---

**HFST. 21**
a Ge 27:3
b Nu 10:12
c Ge 20:17, Ge 26:28, Ro 8:31, 1Ko 14:25
d De 6:13
e Jos 2:12, 1Sa 20:42, Jer 4:2
f Ge 24:14
g Ge 20:15, Ge 26:3
h Ge 14:22, Heb 6:16
i Ge 26:15, Ge 26:20, Eks 2:17
j 2Ko 7:11
k Ge 33:11, Spr 17:8
l Ge 26:28, 1Sa 18:3, Ga 3:15
m Ge 31:52
n Ge 26:33
o Ge 26:28

**Tweede kol.**
a Ge 10:14, Ge 26:1, Eks 13:17
b Ps 90:2, Jes 40:28, Jer 10:10, 1Ti 1:17
c Ge 12:8, Ge 26:25
d Heb 11:9

**HFST. 22**
e Job 1:12, Heb 4:15, Heb 5:8, 1Pe 1:7
f Jes 6:8
g Spr 4:3, Spr 8:30, Joh 3:16, Joh 10:17
h Ge 17:19, Jos 24:3, Ro 9:7
i 2Kr 3:1
j De 12:14
k Ge 26:5, Ps 119:60
l Ge 12:16
m Ps 95:6, Mt 4:10
n Joh 19:17
o Jes 53:7, 1Pe 2:23
p Mt 26:39, Ro 8:15
q Jes 58:9, Joh 8:29

hout, maar waar is die skaap
vir die brandoffer?”[a] **8** Hier-
op het Abraham gesê: “God sal
self die skaap vir die brandof-
fer voorsien,[b] my seun.” En hul-
le twee het saam verder geloop.

**9** Uiteindelik het hulle die
plek bereik wat die ware God
hom aangewys het, en Abra-
ham het daar ’n altaar gebou[c]
en die hout reggesit en sy seun
Isak se hande en voete gebind
en hom op die altaar bo-op die
hout gesit.[d] **10** Toe het Abra-
ham sy hand uitgesteek en die
slagmes geneem om sy seun
dood te maak.[e] **11** Maar Je-
hovah se engel het uit die he-
mel na hom begin roep en gesê:[f]
“Abraham, Abraham!” waarop
hy geantwoord het: “Hier is ek!”
**12** En hy het gesê: “Moenie jou
hand teen die seun uitsteek nie
en moet hoegenaamd niks aan
hom doen nie,[g] want nou weet
ek dat jy godvresend is, deur-
dat jy jou seun, jou enigste, nie
van my teruggehou het nie.”[h]
**13** Daarop het Abraham sy oë
opgeslaan en gekyk, en daar, ’n
entjie voor hom, was ’n ram wat
aan sy horings in ’n ruigte vas-
gevang was. Toe het Abraham
gegaan en die ram geneem en
dit as ’n brandoffer in die plek
van sy seun geoffer.[i] **14** En
Abraham het daardie plek Je-
hovah-Jireh begin noem. Daar-
om is dit vandag gebruiklik om
te sê: “Op die berg van Jehovah
sal daar voorsien word.”[j]

**15** En Jehovah se engel het
vir die tweede keer uit
die hemel na Abraham geroep
**16** en gesê: “ ‘Ek sweer by my-
self’, is die woord van Jehovah,[k]
‘omdat jy hierdie ding gedoen
het en jy jou seun, jou enigste,[l]
nie teruggehou het nie, **17** sal
ek jou gewis seën en sal ek
jou saad gewis vermeerder soos
die sterre van die hemel en
soos die sandkorrels wat aan
die seestrand is;[a] en jou saad
sal die poort van sy vyande in
besit neem.[b] **18** En deur mid-
del van jou saad[c] sal al die na-
sies van die aarde hulleself ge-
wis seën omdat jy na my stem
geluister het.’ ”[d]

**19** Daarna het Abraham na
sy dienaars toe teruggekeer, en
hulle het opgestaan en saam na
Berse′ba[e] gegaan; en Abraham
het in Berse′ba bly woon.

**20** En ná hierdie dinge het
Abraham dié berig gekry: “Kyk,
Milka[f] het ook seuns vir jou
broer Nahor[g] gebaar: **21** Us,
sy eersgeborene, en Bus,[h] sy
broer, en Ke′muel, die vader
van Aram, **22** en Kesed en
Haso en Pildas en Jidlaf en Be′-
tuel.”[i] **23** En Be′tuel het die
vader van Rebekka geword.[j]
Hierdie agt het Milka vir Na-
hor, die broer van Abraham, ge-
baar. **24** Daar was ook sy by-
vrou, met die naam Reüma.
Met verloop van tyd het sy ook
geboorte gegee aan Tebag en
Gaham en Tahas en Ma′äga.[k]

**23** En Sara se lewensdae
was honderd-sewe-en-
twintig jaar. Dit was die lewens-
jare van Sara.[l] **2** En Sara het
gesterf in Kirjat-Arba,[m] dit wil
sê Hebron,[n] in die land Ka-
naän,[o] en Abraham het inge-
kom om oor Sara te weeklaag
en te huil. **3** Toe het Abraham
van sy afgestorwene af opge-
staan en met die seuns van Het[p]
gepraat en gesê: **4** “Ek is ’n in-
wonende vreemdeling en bywo-
ner onder julle.[q] Gee my ’n graf
as besitting onder julle sodat ek
my afgestorwene weg van my
oë kan begrawe.”[r] **5** Hierop
het die seuns van Het Abraham
geantwoord en vir hom gesê:
**6** “Luister na ons, my heer.[s] U

**HFST. 22**

a Eks 12:5, Ro 8:36
b Joh 1:29, Ef 5:2, Heb 10:5, 1Pe 1:19
c Ge 12:7, Eks 20:25, Heb 13:10
d Mt 27:2, Joh 10:18, Han 8:32, Flp 2:8
e Mt 10:37, Ro 8:32, Heb 2:18, Heb 11:17, Jak 2:21
f Ps 34:7, Ps 91:11, Mt 17:5
g Ps 34:20, Joh 19:36
h Ge 26:5, Heb 11:19, Jak 2:21, 1Jo 4:10, 1Jo 5:3
i Le 16:3
j Ge 22:2, 2Kr 3:1, Jes 25:6
k Ps 105:9, Jes 45:23, Heb 6:13
l Joh 3:16, Ro 8:32, Heb 11:17

**Tweede kol.**

a Ge 13:16, Ge 15:5, Han 3:25, Ga 3:29, Heb 6:14
b 2Sa 11:23, Ps 2:8, Da 2:44, Heb 2:14, Op 11:15
c Ge 3:15, Ro 9:7, Ga 3:16
d Sag 8:23, Ga 3:8
e Ge 21:31
f Ge 11:29
g Ge 11:26
h Job 32:2
i Ge 25:20
j Ge 24:15, Ro 9:10
k 2Sa 10:6

**HFST. 23**

l Ge 17:17
m Jos 14:15
n Ge 35:27, Nu 13:22
o Ge 12:5, Ps 105:11
p Ge 10:15, Ge 23:20
q Ge 17:8, Heb 11:9
r Ge 49:30, Han 7:5
s Ge 43:20

is ’n owerste van God in ons
midde.[a] Begrawe u afgestorwe-
ne in die beste graf wat ons
het.[b] Niemand van ons sal u sy
graf ontsê om te verhinder dat u
u afgestorwene begrawe nie.”[c]
**7** Daarop het Abraham opge-
staan en hom voor die inwoners
van die land, voor die seuns van
Het,[d] neergebuig[e] **8** en met
hulle gepraat en gesê: “As jul-
le siel instem om my afgestor-
wene weg van my oë te begra-
we, luister dan na my en dring
vir my aan by Efron, die seun
van Sohar,[f] **9** dat hy aan my
die grot van Magpe′la[g] gee, wat
syne is, wat aan die verste punt
van sy veld is. Laat hy dit vir
die volle bedrag in silwer aan
my gee om dit as ’n graf onder
julle te besit.”[h]
**10** En Efron het tussen die
seuns van Het gesit. Toe het Ef-
ron, die Hetiet,[i] Abraham ten
aanhore van die seuns van Het,
voor almal wat in die poort van
sy stad ingaan, geantwoord en
gesê:[j] **11** “Nee, my heer! Luis-
ter na my. Die veld gee ek aan
u, en die grot wat daarin is, dit
gee ek aan u. Voor die oë van
die seuns van my volk gee ek
dit aan u.[k] Begrawe u afgestor-
wene.” **12** Daarop het Abra-
ham hom voor die inwoners van
die land neergebuig **13** en ten
aanhore van die inwoners van
die land met Efron gepraat en
gesê: “Net as u—nee, luister na
my! Ek sal u die bedrag in sil-
wer vir die veld gee. Neem dit
van my aan,[l] sodat ek my afge-
storwene daar kan begrawe.”
**14** Toe het Efron Abraham
geantwoord en vir hom gesê:
**15** “My heer, luister na my.
’n Stuk grond wat vierhon-
derd silwersikkels werd is, wat
is dit tussen my en u? Begra-
we dan nou u afgestorwene.”[m]
**16** Toe het Abraham na Efron
geluister, en Abraham het aan
Efron die bedrag in silwer afge-
weeg waarvan hy ten aanhore
van die seuns van Het gepraat
het, vierhonderd silwersikkels,
gangbaar by die koopmanne.[a]
**17** So is die veld van Efron wat
in Magpe′la was, wat teenoor
Mamre lê, die veld en die grot
wat daarin was en al die bome
wat in die veld was,[b] wat binne
al die grense daarvan rondom
was, oorgedra[c] **18** aan Abra-
ham as sy gekoopte eiendom
voor die oë van die seuns van
Het, voor almal wat in die poort
van sy stad ingaan.[d] **19** En
daarna het Abraham sy vrou
Sara begrawe in die grot van
die veld van Magpe′la teenoor
Mamre, dit wil sê Hebron, in
die land Kanaän.[e] **20** So is die
veld en die grot wat daarin was,
uit die hande van die seuns van
Het aan Abraham oorgedra om
dit as ’n graf te besit.[f]

**24** En Abraham was oud,
gevorderd in jare; en Je-
hovah het Abraham in alles
geseën.[g] **2** Abraham het der-
halwe vir sy kneg, die oudste
van sy huis, wat in beheer was
van alles wat hy gehad het,[h] ge-
sê: “Sit asseblief jou hand on-
der my dy,[i] **3** aangesien ek
jou moet laat sweer by Jeho-
vah,[j] die God van die hemel en
die God van die aarde, dat jy nie
vir my seun ’n vrou sal neem
uit die dogters van die Kanaä-
niete onder wie ek woon nie,[k]
**4** maar dat jy na my land en
na my familielede sal gaan[l] en
beslis vir my seun, vir Isak, ’n
vrou sal neem.”
**5** Die kneg het egter vir hom
gesê: “Sê nou die vrou wil nie
saam met my na hierdie land
kom nie? Moet ek u seun dan
vir seker terugneem na die

**HFST. 23**
a Ge 21:22
b Jes 53:9 Joh 19:41
c Jos 24:32
d 1Kr 1:13
e 1Pe 2:17
f Ge 25:9
g Ge 49:30
h Ge 23:15
i Ge 50:13
j Ge 34:20 De 16:18 Rut 4:1
k De 19:15 Rut 4:4
l Ge 14:23 Ro 13:8
m 2Sa 2:5

**Tweede kol.**
a Esr 8:25 Han 7:16
b Ge 25:9 Ge 49:30
c Rut 4:11 Jer 32:44
d Job 29:7 Jer 32:12
e Ge 25:10 Ge 50:13
f Ge 49:31 Han 7:5

**HFST. 24**
g Ge 13:2 Ga 3:9
h Ge 15:2 Ge 41:40 1Ko 4:2
i Ge 47:29
j Ge 21:23
k Ge 28:1 De 7:3 1Ko 7:39 2Ko 6:14
l Ge 22:20

land waaruit u weggetrek
het?”[a] **6** Hierop het Abraham
vir hom gesê: “Sorg dat jy nie
my seun daarheen terugneem
nie.[b] **7** Jehovah, die God van
die hemel, wat my uit my va-
der se huis en uit die land van
my familielede geneem het[c] en
wat met my gepraat het en wat
vir my gesweer[d] en gesê het:
‘Aan jou saad[e] gaan ek hierdie
land gee’,[f] hy sal sy engel voor
jou uit stuur,[g] en jy sal beslis
van daar vir my seun ’n vrou
neem.[h] **8** Maar as die vrou
nie saam met jou wil kom nie,
dan sal jy vry wees van hierdie
eed aan my.[i] Jy moet net nie my
seun daarheen terugneem nie.”
**9** Daarop het die kneg sy hand
onder die dy van sy heer Abra-
ham gesit en vir hom gesweer
in verband met hierdie saak.[j]

**10** En die kneg het tien ka-
mele van die kamele van sy
heer geneem en met allerhan-
de goeie dinge van sy heer in
sy hand gegaan.[k] Toe het hy
opgestaan en na Mesopota′mië,
na die stad van Nahor, vertrek.
**11** Uiteindelik het hy die ka-
mele laat neerkniel buite die
stad by ’n waterput, teen die
aand,[l] ongeveer die tyd dat die
vroue wat water skep, gewoon-
lik uitgaan.[m] **12** En hy het ge-
sê: “Jehovah, die God van my
heer Abraham,[n] laat dit asse-
blief vandag voor my gebeur en
bewys liefderyke goedhartig-
heid[o] aan my heer Abraham.[p]
**13** Kyk, ek staan by ’n water-
fontein, en die dogters van
die manne van die stad kom
uit om water te skep.[q] **14** Dit
moet gebeur dat die jong vrou
vir wie ek sal sê: ‘Laat asse-
blief jou waterkruik sak sodat
ek kan drink’, en wat inderdaad
sal sê: ‘Drink, en ek sal ook u
kamele water gee’, sy is die
een wat u vir u kneg, vir Isak,
moet bestem;[a] en laat my hier-
aan weet dat u lojale liefde aan
my heer bewys het.”[b]

**15** Wel, nog voordat hy klaar
gepraat het,[c] kyk, toe het Re-
bekka uitgekom, wat vir Be′-
tuel,[d] die seun van Milka,[e] die
vrou van Nahor,[f] Abraham se
broer, gebore is, en haar wa-
terkruik was op haar skou-
er.[g] **16** En die jong vrou was
baie aantreklik in voorkoms,[h]
’n maagd, en nog geen man het
met haar geslagsgemeenskap
gehad nie;[i] en sy het na die fon-
tein afgegaan en haar water-
kruik begin vol maak en toe op-
gekom. **17** Die kneg het haar
dadelik tegemoetgehardloop
en gesê: “Gee my asseblief ’n
slukkie water uit jou kruik.”[j]
**18** En sy het gesê: “Drink, my
heer.” Daarop het sy gou haar
kruik op haar hand laat sak
en hom laat drink.[k] **19** Toe sy
hom klaar laat drink het, het
sy gesê: “Ook vir u kamele sal
ek water skep totdat hulle klaar
gedrink het.”[l] **20** En sy het
haar kruik gou in die drinkbak
leeggemaak en telkens weer na
die put gehardloop om water te
skep,[m] en sy het vir al sy ka-
mele bly skep. **21** Die hele tyd
het die man haar met verwon-
dering aangestaar, terwyl hy
stilgebly het sodat hy kon weet
of Jehovah sy reis suksesvol ge-
maak het of nie.[n]

**22** Toe die kamele klaar ge-
drink het, het die man ’n goue
neusring[o] van ’n halfsikkel in
gewig geneem en twee armban-
de[p] vir haar hande, tien sikkels
goud was hulle gewig, **23** en
hy het gesê: “Wie se dogter
is jy? Vertel my asseblief. Is
daar in die huis van jou vader
vir ons plek om te oornag?”[q]
**24** Daarop het sy vir hom gesê:

**HFST. 24**

a Ge 11:28; Ge 15:7
b Heb 11:15
c Ge 12:1; Heb 11:8
d Mi 7:20; Lu 1:73; Heb 6:13
e Ge 26:4; Han 7:5; Heb 11:18
f Ge 13:15; Eks 32:13; De 34:4
g Eks 23:20; Ps 34:7; Heb 1:14
h Ge 12:5; Han 7:4
i Jos 2:17
j Ge 24:2; Ge 47:29
k Ge 24:35; Ge 43:11
l Spr 12:10
m Eks 2:16; 1Sa 9:11; Joh 4:7
n Ge 32:9; 1Kn 18:36; Mt 22:32
o 1Sa 20:8; Sag 7:9
p Ne 1:11; Ps 37:5; Flp 4:6
q Ge 29:10

**Tweede kol.**

a Spr 19:14
b Rig 6:17; Rig 18:5
c Ps 34:15; Ps 65:2; Jes 58:9; Jes 65:24; 1Jo 5:14
d Ge 22:23
e Ge 11:29
f Ge 11:26
g Ge 21:14
h Ge 26:7
i De 22:20; 2Ko 11:2
j Joh 4:7
k Mt 10:42; Mt 25:35
l Ro 12:13; 1Pe 4:9
m Spr 31:17; Spr 31:31
n Ps 107:43
o Ese 16:12
p Jer 2:32; Ese 16:11
q Ge 19:2; Rig 19:21

“Ek is die dogter van Be′tuel,[a]
die seun van Milka, wat sy vir
Nahor gebaar het.”[b] **25** En sy
het verder vir hom gesê: “Daar
is strooi sowel as baie voer by
ons, ook plek om te oornag.”[c]
**26** En die man het gebuig en
hom neergewerp voor Jehovah[d]
**27** en gesê: “Mag Jehovah ge-
loof word,[e] die God van my heer
Abraham, wat sy liefderyke
goedhartigheid en sy trou teen-
oor my heer nie nagelaat het
nie. Op my pad het Jehovah my
na die huis van die broers van
my heer gelei.”[f]

**28** En die jong vrou het ge-
hardloop en die huisgesin van
haar moeder van hierdie dinge
vertel. **29** En Rebekka het ’n
broer gehad en sy naam was La-
ban.[g] Toe het Laban na die man
toe gehardloop wat buite by die
fontein was. **30** En toe hy die
neusring en die armbande[h] aan
die hande van sy suster sien en
die woorde van sy suster Re-
bekka hoor, wat sê: “So het die
man vir my gesê”, het hy na die
man toe gegaan, en kyk, hy het
by die kamele by die fontein ge-
staan. **31** Hy het dadelik ge-
sê: “Kom, o geseënde van Jeho-
vah.[i] Waarom bly jy hier buite
staan, terwyl ek die huis ge-
reedgemaak en plek vir die ka-
mele gemaak het?” **32** Daar-
op het die man in die huis
ingekom, en hy het die kame-
le afgesaal en vir die kamele
strooi en voer gegee, en water
om sy voete te was en die voete
van die manne wat by hom was.[j]
**33** Toe is hy iets te ete voorge-
sit, maar hy het gesê: “Ek sal
nie eet voordat ek oor my sake
gepraat het nie.” Hy het derhal-
we gesê: “Praat!”[k]

**34** Toe het hy gesê: “Ek is
Abraham se kneg.[l] **35** En Je-
hovah het my heer baie geseën
deurdat hy hom steeds groter
maak en hom skape en bees-
te en silwer en goud en diens-
knegte en diensmeisies en ka-
mele en esels gee.[a] **36** Verder
het Sara, die vrou van my heer,
vir my heer ’n seun gebaar na-
dat sy oud geword het;[b] en
hy sal hom alles gee wat hy
het.[c] **37** En my heer het my
laat sweer en gesê: ‘Jy moenie
vir my seun ’n vrou neem uit
die dogters van die Kanaänie-
te in wie se land ek woon nie.[d]
**38** Nee, maar jy moet na die
huis van my vader en na my fa-
milie gaan,[e] en jy moet ’n vrou
vir my seun neem.’[f] **39** Maar
ek het vir my heer gesê: ‘Sê
nou die vrou wil nie saam met
my kom nie?’[g] **40** Toe het hy
vir my gesê: ‘Jehovah, voor wie
ek gewandel het,[h] sal sy engel[i]
saam met jou stuur en sal beslis
jou weg suksesvol maak;[j] en jy
moet vir my seun ’n vrou neem
uit my familie en uit die huis
van my vader.[k] **41** Dan sal jy
vry wees van die verpligting
teenoor my weens die eed, wan-
neer jy by my familie kom, en
as hulle haar nie vir jou wil gee
nie, dan sal jy vry wees van die
verpligting teenoor my weens
die eed.’[l]

**42** “Toe ek vandag by die fon-
tein kom, het ek gesê: ‘Jehovah,
die God van my heer Abraham,
as u werklik die weg waar-
op ek gaan, suksesvol maak,[m]
**43** kyk, ek staan by ’n water-
fontein. Dit moet gebeur dat die
meisie[n] wat uitkom om water te
skep vir wie ek dan sal sê: “Laat
my asseblief ’n bietjie water uit
jou kruik drink”, **44** en wat
inderdaad vir my sal sê: “Drink
u, en ek sal ook water vir u ka-
mele skep”, sy is die vrou wat
Jehovah vir die seun van my
heer bestem het.’[o]

**HFST. 24**
a Ge 22:23
b Ge 11:29
c Ge 18:4; Ge 19:3; Ge 43:24
d 1Kr 29:20; Ne 8:6; Ps 95:6
e Ge 9:26; Ps 72:18; Lu 1:68
f Ps 100:5; Mi 7:20
g Ge 25:20; Ge 29:10
h Jes 3:21; Jer 2:32; Ese 16:11
i Ge 26:29; Rut 3:10; Ps 115:15
j Rig 19:21; Lu 7:44; 1Ti 5:10
k Ro 12:11; Ef 6:5
l Ge 15:2

**Tweede kol.**
a Ge 13:2; Ps 107:38
b Ge 21:1; Ro 4:19; Heb 11:11
c Ge 25:5
d Ge 24:3; Ge 28:1; Esr 9:2; 1Ko 7:39
e Ge 22:20
f Ge 24:4
g Ge 24:5
h Ge 48:15; 1Kn 2:3; Ps 119:3; Jes 38:3; Han 9:31
i Eks 23:20; Heb 1:14
j Ge 39:3; Ne 1:11; Ps 118:25
k Ge 11:25
l Ge 24:9; Jos 2:17
m Ps 37:5
n Ge 24:16
o Ge 24:14; Spr 18:22; Spr 19:14

**45** “Nog voordat ek in my
hart[a] klaar gepraat het,[b] kyk,
daar het Rebekka uitgekom,
met haar kruik op haar skouer;
en sy het na die fontein afge-
gaan en water begin skep.[c] Toe
het ek vir haar gesê: ‘Laat my
asseblief drink.’[d] **46** Daarop
het sy gou haar kruik van haar
laat afsak en gesê: ‘Drink,[e] en
ek sal ook u kamele water gee.’
Toe het ek gedrink, en sy het
ook die kamele water gegee.
**47** Daarna het ek haar gevra
en gesê: ‘Wie se dogter is jy?’[f]
waarop sy gesê het: ‘Die dogter
van Be′tuel, die seun van Na-
hor, wat Milka vir hom gebaar
het.’ Toe het ek die neusring
aan haar neus en die armbande
aan haar hande gesit.[g] **48** En
ek het gebuig en my neerge-
werp voor Jehovah en Jehovah,
die God van my heer Abraham,
geloof,[h] wat my op die ware weg
gelei het[i] om die dogter van die
broer van my heer vir sy seun te
neem. **49** En as julle dan nou
liefderyke goedhartigheid en
trou teenoor my heer bewys,[j] sê
vir my; maar so nie, sê vir my,
sodat ek na die regter- of na die
linkerkant kan draai.”[k]

**50** Toe het Laban en Be′tu-
el geantwoord en gesê: “Van
Jehovah het hierdie saak uit-
gegaan.[l] Ons kan nie goed of
kwaad met jou spreek nie.[m]
**51** Hier is Rebekka voor jou.
Neem haar en gaan, en laat
haar ’n vrou word vir die seun
van jou heer, net soos Jehovah
gesê het.”[n] **52** En toe Abra-
ham se kneg hulle woorde ge-
hoor het, het hy hom dade-
lik op die aarde voor Jehovah
neergewerp.[o] **53** En die kneg
het begin om silwervoorwerpe
en goue voorwerpe en klere uit
te haal en dit vir Rebekka te
gee; en hy het keurige dinge vir
haar broer en vir haar moeder
gegee.[a] **54** Daarna het hulle
geëet en gedrink, hy en die
manne wat by hom was, en hul-
le het daar oornag en in die og-
gend opgestaan.

Toe het hy gesê: “STUUR
my weg na my heer toe.”[b]
**55** Hierop het haar broer en
haar moeder gesê: “Laat die
jong vrou ten minste tien dae
by ons bly. Daarna kan sy gaan.”
**56** Maar hy het vir hulle gesê:
“Moet my nie ophou nie, aange-
sien Jehovah my weg suksesvol
gemaak het.[c] Stuur my weg, so-
dat ek na my heer toe kan
gaan.”[d] **57** Toe het hulle ge-
sê: “Laat ons die jong vrou roep
en uit haar mond verneem.”[e]
**58** Toe het hulle Rebekka ge-
roep en vir haar gesê: “Sal jy
saam met hierdie man gaan?”
En sy het gesê: “Ek is bereid om
te gaan.”[f]

**59** Daarop het hulle hulle
suster Rebekka[g] en haar ver-
sorgster[h] en Abraham se
kneg en sy manne weggestuur.
**60** En hulle het Rebekka begin
seën en vir haar gesê: “O ons
suster, mag jy duisende maal
tienduisend word, en mag jou
saad die poort van sy haters
in besit neem.”[i] **61** Daarna
het Rebekka en haar dienares-
se[j] opgestaan en op die kame-
le gery[k] en die man gevolg; en
die kneg het Rebekka geneem
en vertrek.

**62** En Isak het van die pad
af gekom wat na Beër-Lahai-
Roï[l] gaan, want hy het in die
land van die Negeb[m] gewoon.
**63** En Isak het omstreeks die
tyd dat dit aand word, buite
rondgeloop om in die veld te
peins.[n] Toe het hy sy oë opge-
slaan en gesien, en kyk, daar
het kamele aangekom! **64** Toe
Rebekka haar oë opslaan, het

**HFST. 24**
a 1Sa 1:13, Ne 2:4
b Ps 65:2, Jes 58:9, Jes 65:24, Da 9:21
c Ge 24:15
d Ge 24:17
e Ge 24:18
f Ge 24:23
g Ge 24:22, Ese 16:11
h Ge 24:27, Lu 1:68
i Jes 30:21, Jes 48:17
j Ge 32:10, Ge 47:29, Jos 2:14
k Ge 24:8
l Ps 118:23, Mr 12:11
m Ge 31:24, Jes 46:10, Han 5:39
n Spr 18:22, Spr 19:14
o 1Kr 29:20, 2Kr 20:18

**Tweede kol.**
a Ge 34:12
b Ge 30:25, Ge 31:27
c Ge 39:3, Ps 1:3, Jes 48:15
d Ps 123:2, Kol 3:22, 1Pe 2:18
e Joh 9:21
f Ge 2:24, Ps 45:10
g Ge 28:5
h Ge 35:8
i Ge 22:17, 2Sa 12:29
j Ps 45:14
k Ge 31:17, Ge 31:34
l Ge 16:14, Ge 25:11
m Ge 12:9, Ge 20:1, Nu 13:22, Rig 1:9, 2Sa 24:7, Ob 19
n Ps 77:12, Ps 143:5

sy Isak gesien en vinnig van
die kameel afgegly. 65 Daar-
op het sy vir die kneg gesê:
“Wie is daardie man daar wat
ons in die veld tegemoetloop?”
en die kneg het gesê: “Dit is my
heer.” En sy het ’n kopdoek ge-
neem en haar bedek.[a] 66 En
die kneg het vir Isak alles vertel
wat hy gedoen het. 67 Daarna
het Isak haar in die tent van sy
moeder Sara ingebring.[b] So het
hy Rebekka geneem, en sy het
sy vrou geword;[c] en hy het haar
liefgekry,[d] en Isak het vertroos-
ting gevind ná die verlies van sy
moeder.[e]

25 En Abraham het weer ’n
vrou geneem, en haar
naam was Ketu′ra.[f] 2 Met
verloop van tyd het sy vir hom
Simran en Joksan en Medan en
Mi′dian[g] en Jisbak en Suag[h] ge-
baar.

3 En Joksan het die vader
van Skeba[i] en Dedan[j] geword.
En die seuns van Dedan
het As′surim en Le′tusim en
Le′ümmim geword.
4 En die seuns van Mi′dian
was Efa[k] en Efer en Hanog en
Abi′da en El′daä.[l]
Hulle almal was die seuns van
Ketu′ra.

5 Later het Abraham alles
wat hy gehad het, aan Isak ge-
gee,[m] 6 maar aan die seuns
van die byvrouens wat Abra-
ham gehad het, het Abraham
geskenke gegee.[n] Toe het hy
hulle, terwyl hy nog gelewe
het, van sy seun Isak af wegge-
stuur,[o] ooswaarts, na die land
van die Ooste.[p] 7 En dit is
die dae van Abraham se le-
wensjare wat hy gelewe het,
honderd-vyf-en-sewentig jaar.
8 Toe het Abraham die laaste
asem uitgeblaas en op ’n goeie
ouderdom gesterf, oud en tevre-
de, en hy is tot sy volk versa-
mel.[a] 9 Toe het sy seuns Isak
en Is′mael hom begrawe in die
grot van Magpe′la, in die veld
van Efron, die seun van Sohar,
die Hetiet, wat teenoor Mamre[b]
lê, 10 die veld wat Abraham
van die seuns van Het gekoop
het. Daar is Abraham begrawe,
en ook sy vrou Sara.[c] 11 En
ná Abraham se dood het God
voortgegaan om sy seun Isak te
seën,[d] en Isak het naby Beër-
Lahai-Roï[e] gewoon.

12 En dit is die geskiedenis
van Is′mael,[f] die seun van Abra-
ham, wat Hagar, die Egiptiese
vrou, die diensmeisie van Sara,
vir Abraham gebaar het.[g]

13 En dít is die name van die
seuns van Is′mael, volgens hul-
le name, volgens hulle familie-
afkoms: Is′mael se eersgeborene
Ne′bajot[h] en Kedar[i] en Ad′beël
en Mibsam[j] 14 en Misma en
Duma en Massa, 15 Hadad[k]
en Tema,[l] Jetur, Nafis en Ked-
ma.[m] 16 Dit is die seuns van
Is′mael, en dit is hulle name vol-
gens hulle nedersettings en vol-
gens hulle ommuurde kampe:[n]
twaalf owerstes volgens hulle
stamgroepe.[o] 17 En dit is die
jare van Is′mael se lewe, hon-
derd-sewe-en-dertig jaar. Toe
het hy die laaste asem uitge-
blaas en gesterf en is hy tot
sy volk versamel.[p] 18 En hul-
le het begin woon van Ha′wila[q]
naby Sur,[r] wat teenoor Egipte
lê, tot by Assi′rië. Teenoor al sy
broers het hy hom gevestig.[s]

19 En dit is die geskiedenis
van Isak, die seun van Abra-
ham.[t]

Abraham het die vader van
Isak geword. 20 En Isak was
veertig jaar oud toe hy Rebek-
ka, die dogter van Be′tuel,[u] die
Siriër[v] van Paddan-Aram, die
suster van Laban, die Siriër, as
vrou geneem het. 21 En Isak
het Jehovah veral vir sy vrou

---

HFST. 24
a 1Ko 11:6
b Ge 18:6; Heb 11:9
c Mt 19:5
d Ge 26:8; Ef 5:25
e Ge 23:2; Ge 23:19

HFST. 25
f Ro 7:2
g Ge 37:28; Eks 2:15; Nu 22:4; Nu 31:2; Rig 6:2
h 1Kr 1:32; Job 2:11
i 1Kn 10:1
j Jer 25:23; Ese 27:20
k Jes 60:6
l 1Kr 1:33
m Ge 24:36; Spr 13:22; Heb 1:2
n 2Kr 21:3
o Ge 21:14; Joh 8:35; Ga 4:30
p Rig 6:3

Tweede kol.
a Ge 35:29; Spr 9:11
b Ge 23:9; Ge 49:30
c Ge 23:19
d Ge 17:19; Ge 26:13
e Ge 16:14
f Ge 16:10
g Ga 4:24
h Ge 36:3; Jes 60:7
i Ps 120:5; Jer 49:28; Ese 27:21
j 1Kr 1:29
k 1Kr 1:30
l Job 2:11; Job 6:19
m 1Kr 1:31
n 1Kr 6:54; Ne 8:16
o Ge 17:20; Ps 117:1
p Ge 25:8
q Ge 2:11; 1Sa 15:7
r Ge 16:7
s Ge 16:12
t Ge 22:2; Mt 1:2
u Ge 22:23
v De 26:5

dringend bly versoek,[a] omdat sy
onvrugbaar was;[b] en Jehovah
het sy dringende versoeke aan-
gehoor,[c] en sy vrou Rebekka
het swanger geword. **22** En
die seuns binne-in haar het met
mekaar begin worstel,[d] sodat sy
gesê het: “As dit is hoe dit gaan,
waarom lewe ek dan?” Daar-
op het sy Jehovah gaan raad-
pleeg.[e] **23** En Jehovah het vir
haar gesê: “Twee nasies is in jou
moederskoot,[f] en twee volks-
groepe sal uit jou liggaam ge-
skei word;[g] en die een volks-
groep sal sterker wees as die
ander volksgroep,[h] en die oud-
ste sal die jongste dien.”[i]

**24** Geleidelik is haar dae ver-
vul om geboorte te gee, en kyk!
’n tweeling was in haar moe-
derskoot.[j] **25** Toe het die eer-
ste uitgekom, geheel en al rooi
soos ’n ampskleed van hare;[k]
daarom het hulle hom Esau[l] ge-
noem. **26** En daarna het sy
broer uitgekom en sy hand het
aan die hakskeen van Esau vas-
gehou;[m] daarom is hy Jakob[n]
genoem. En Isak was sestig jaar
oud toe sy aan hulle geboorte
gegee het.

**27** En die seuns het groter
geword, en Esau het ’n man ge-
word wat geweet het hoe om te
jag,[o] ’n man van die veld, maar
Jakob ’n onberispelike man[p] wat
in tente gewoon het.[q] **28** En
Isak was lief vir Esau, want dit
het wildsvleis in sy mond bete-
ken, terwyl Rebekka Jakob lief-
gehad het.[r] **29** Eenkeer was
Jakob besig om ’n gereg te kook
toe Esau uit die veld gekom
het en hy moeg was. **30** Toe
het Esau vir Jakob gesê: “Gee
my asseblief gou ’n sluk van die
rooi goed—die rooi goed daar,
want ek is moeg!” Daarom is
hy Edom[s] genoem. **31** Hierop
het Jakob gesê: “Verkoop eers
jou eersgeboortereg[t] aan my!”

**HFST. 25**
a De 4:29
b 1Sa 1:5
c 2Sa 21:14, 2Kr 33:13, Lu 1:13
d Ro 9:10
e 1Sa 1:10
f Ps 139:15, Pr 11:5
g Ge 36:31, Nu 20:14
h Ge 27:29, De 2:4
i 2Sa 8:14, Mal 1:2, Ro 9:12
j Ge 38:27
k Ge 27:11, 2Kn 1:8, Sag 13:4
l Ge 27:32, Ge 36:9, Mal 1:3
m Ho 12:3
n Ge 27:36, Han 7:14
o Ge 27:3
p Ps 37:37
q Heb 11:9
r Ge 27:6, Ge 27:46
s Ge 36:1, De 2:4, Mal 1:4
t Ge 43:33, De 21:17, 1Kr 5:1

**Tweede kol.**
a Ge 14:22, Heb 6:16
b Heb 12:16
c 1Ko 15:32
d Job 21:15, Job 34:9

**HFST. 26**
e Ge 12:10
f Ge 26:26
g Eks 6:3, Nu 12:6, 1Jo 4:12
h Eks 32:13
i Ge 20:1, Heb 11:9
j Ge 12:7, Ge 15:18, Ro 15:8, Ga 4:28
k Ge 22:16, Ps 105:9, Mi 7:20, Heb 6:13
l Ge 15:5, De 34:4, Heb 11:12
m Ge 12:3, Ge 22:18, Han 3:25, Ga 3:8
n Ge 17:23, Heb 11:8, Jak 2:21
o Ge 26:17
p Ge 12:13

**32** En Esau het verder gesê:
“Kyk, ek gaan tog sterf, en van
watter nut is ’n geboortereg dan
vir my?” **33** En Jakob het by-
gevoeg: “Sweer eers vir my!”[a]
En hy het vir hom gesweer en
sy eersgeboortereg aan Jakob
verkoop.[b] **34** En Jakob het vir
Esau brood en die lensiegereg
gegee, en hy het geëet en ge-
drink.[c] Toe het hy opgestaan en
weggegaan. So het Esau die ge-
boortereg verag.[d]

**26** En daar het ’n honger-
snood in die land ont-
staan, afgesien van die eer-
ste hongersnood wat in die dae
van Abraham voorgekom het,[e]
sodat Isak getrek het na Abi-
me′leg, die koning van die Fili-
styne, na Gerar.[f] **2** Toe het
Jehovah aan hom verskyn en
gesê:[g] “Moenie aftrek na Egipte
nie. Woon in die land wat ek jou
aanwys.[h] **3** Woon as ’n vreem-
deling in hierdie land,[i] en ek sal
voortdurend met jou wees en
jou seën, want aan jou en aan
jou saad sal ek al hierdie lande
gee,[j] en ek sal die beëdigde ver-
klaring nakom wat ek vir jou
vader Abraham gesweer het:[k]
**4** ‘En ek sal jou saad vermeer-
der soos die sterre van die he-
mel en ek sal aan jou saad al
hierdie lande gee;[l] en deur mid-
del van jou saad sal al die na-
sies van die aarde hulleself be-
slis seën’,[m] **5** omdat Abraham
na my stem geluister het en sy
verpligtinge teenoor my, my ge-
booie, my insettinge en my wet-
te voortdurend onderhou het.”[n]
**6** Toe het Isak in Gerar gebly.[o]

**7** Wel, die manne van die
plek het aanhoudend oor sy
vrou gevra, en hy het gesê: “Sy
is my suster.”[p] Want hy was
bang om te sê: “My vrou”, uit
vrees dat, soos hy dit gestel het,
“die manne van die plek my
sou doodmaak vanweë Rebek-

ka”, want sy was aantreklik in
voorkoms.[a] 8 En toe hy al ’n
lang ruk daar was, het Abime′-
leg, die koning van die Filisty-
ne, by die venster uitgekyk en
gesien, en daar was Isak besig
om ’n aangename tyd met sy
vrou Rebekka te hê.[b] 9 Abi-
me′leg het Isak onmiddellik ge-
roep en gesê: “Kyk, sy is nie-
mand anders as jou vrou nie!
Hoe is dit dan dat jy gesê het:
‘Sy is my suster’?” Hierop het
Isak vir hom gesê: “Ek het dit
gesê uit vrees dat ek ter wille
van haar sou sterf.”[c] 10 Maar
Abime′leg het verder gesê: “Wat
het jy ons aangedoen?[d] Nog ’n
rukkie en een van die mense
sou beslis by jou vrou gaan lê
het, en jy sou skuld oor ons
gebring het!”[e] 11 Toe het Abi-
me′leg die hele volk beveel en
gesê: “Enigiemand wat hierdie
man en sy vrou aanraak, sal ge-
wis doodgemaak word!”

12 Later het Isak saad be-
gin saai in daardie land,[f] en in
daardie jaar het hy tot honderd
mate uit een gekry,[g] aange-
sien Jehovah hom geseën het.[h]
13 Gevolglik het die man groot
geword en al hoe meer vooruit-
gegaan en groter geword tot-
dat hy baie groot was.[i] 14 En
hy het kuddes skape en troppe
beeste en ’n groot groep kneg-
te gehad,[j] sodat die Filistyne af-
gunstig op hom geword het.[k]

15 Wat al die putte betref
wat die knegte van sy vader in
die dae van sy vader Abra-
ham gegrawe het,[l] dié het die
Filistyne toegestop, en hulle
het dit met droë grond ge-
vul.[m] 16 Uiteindelik het Abi-
me′leg vir Isak gesê: “Trek
uit ons omgewing weg, want
jy het baie sterker as ons ge-
word.”[n] 17 Daarop het Isak
daarvandaan weggetrek en in
die Gerarstroomvallei[a] kamp
opgeslaan en daar begin woon.
18 En Isak het die waterput-
te weer oopgegrawe wat hulle
in die dae van sy vader Abra-
ham gegrawe het, maar wat die
Filistyne ná Abraham se dood
toegestop het;[b] en hy het hulle
weer genoem volgens die name
wat sy vader hulle gegee het.[c]

19 En die knegte van Isak
het voortgegaan om in die
stroomvallei te grawe, en so het
hulle daar ’n put met vars wa-
ter gevind. 20 En die herders
van Gerar het met die herders
van Isak begin rusie maak[d] en
gesê: “Dit is ons water!” Hy het
derhalwe die put Esek genoem,
omdat hulle met hom getwis
het. 21 En hulle het ’n ander
put gegrawe, en hulle het ook
daaroor begin rusie maak. Hy
het dit derhalwe Sitna genoem.
22 Later het hy daarvandaan
weggetrek en nog ’n put gegra-
we,[e] maar hulle het nie daaroor
rusie gemaak nie. Hy het dit
derhalwe Re′hobot genoem en
gesê: “Dit is omdat Jehovah ons
nou genoeg ruimte gegee het[f]
en ons vrugbaar gemaak het op
die aarde.”[g]

23 Toe het hy daarvandaan
na Berse′ba[h] opgetrek. 24 En
gedurende daardie nag het Je-
hovah aan hom verskyn en ge-
sê: “Ek is die God van jou vader
Abraham.[i] Moenie bang wees
nie,[j] want ek is met jou, en ek
sal jou seën en jou saad ver-
meerder ter wille van my kneg
Abraham.”[k] 25 Gevolglik het
hy ’n altaar daar gebou en die
naam van Jehovah aangeroep[l]
en sy tent daar opgeslaan,[m] en
die knegte van Isak het ’n put
daar gegrawe.

26 Later het Abime′leg van
Gerar af na hom toe ge-
kom saam met Ahus′sat, sy

HFST. 26
a Ge 24:16
b Ge 24:67, Spr 5:18, Pr 9:9
c Ge 20:11
d Ge 12:18
e Ge 20:9, Ge 39:9, Spr 6:29, Heb 13:4
f Ge 8:22, Jes 55:10, 2Ko 9:10
g 1Ko 3:6
h Ge 24:1, Job 42:12, Ps 3:8, Ps 67:6, Spr 10:22, Heb 6:7
i Ge 24:35
j Ge 12:16, Job 1:3
k Ge 37:11, 1Sa 18:9, Spr 27:4, Ro 1:29, Tit 3:3
l Ge 21:30
m Spr 25:26
n Eks 1:9, Ps 105:24

Tweede kol.
a Ge 10:19, Ge 20:1
b Ge 21:25
c Ge 21:31
d Ge 13:7
e Ge 13:9, Spr 17:14, Ro 12:18
f Le 26:9, Ps 18:19, Ps 118:5
g Ge 17:6, Ge 28:3, Ese 36:11
h Ge 21:31
i Ge 17:1, Ge 28:13, Eks 3:6, Mt 22:32, Han 7:32
j Ge 15:1, De 31:8, Ps 27:1, Heb 13:6
k Ge 17:19, Ps 105:9, Ga 3:29
l Ge 12:8, Ro 10:13
m Ge 4:20, Heb 11:9

vertroude vriend, en Pikol, sy
leërhoof.[a] **27** Hierop het Isak
vir hulle gesê: “Waarom het jul-
le na my toe gekom, aange-
sien julle my gehaat het en my
dus uit julle omgewing weg-
gestuur het?”[b] **28** Daarop het
hulle gesê: “Ons het duidelik ge-
sien dat Jehovah met jou is.[c]
Ons het derhalwe gesê: ‘Laat
daar asseblief ’n eed van ver-
pligting tussen ons wees,[d] tus-
sen ons en jou, en laat ons ’n
verbond met jou sluit,[e] **29** dat
jy ons geen kwaad sal aandoen
nie, net soos ons jou nie aan-
geraak het nie en net soos ons
alleenlik goed aan jou gedoen
het deurdat ons jou in vrede
weggestuur het.[f] Jy is dan nou
die geseënde van Jehovah.’ ”[g]
**30** Toe het hy vir hulle ’n fees-
maal klaargemaak, en hulle het
geëet en gedrink.[h] **31** Die vol-
gende oggend het hulle vroeg
opgestaan, en hulle het beëdig-
de verklarings teenoor mekaar
afgelê.[i] Daarna het Isak hulle
weggestuur, en hulle het in vre-
de van hom af weggegaan.[j]

**32** En daardie dag het die
knegte van Isak gekom en aan
hom berig gebring aangaande
die put wat hulle gegrawe het[k]
en vir hom gesê: “Ons het wa-
ter gevind!” **33** Hy het dit der-
halwe Siba genoem. Daarom is
die naam van die stad tot van-
dag toe Berseʹba.[l]

**34** En Esau het veertig jaar
oud geword. Toe het hy Ju-
dit, die dogter van Beëri, die
Hetiet, as vrou geneem, en ook
Basmat, die dogter van Elon,
die Hetiet.[m] **35** En hulle was
vir Isak en Rebekka ’n bron van
bitterheid van gees.[n]

**27** En toe Isak oud was en
sy oë te swak was om te
sien,[o] het hy sy oudste seun
Esau geroep en vir hom gesê:[p]
“My seun!” waarop hy vir hom
gesê het: “Hier is ek!” **2** En hy
het gesê: “Kyk tog, ek het oud
geword.[a] Ek weet nie die dag
van my dood nie.[b] **3** Neem
dan nou asseblief jou toerus-
ting, jou pylkoker en jou boog,
en gaan uit na die veld en jag
’n stuk wild vir my.[c] **4** Maak
dan vir my ’n smaaklike gereg
soos ek daarvan hou en bring
dit vir my en laat my tog eet, so-
dat my siel jou kan seën voordat
ek sterf.”[d]

**5** Maar Rebekka het geluis-
ter terwyl Isak met sy seun
Esau gepraat het. En Esau het
na die veld uitgegaan om wild
te jag en dit in te bring.[e] **6** En
Rebekka het vir haar seun Ja-
kob gesê:[f] “Kyk, ek het jou va-
der nou net met jou broer Esau
hoor praat en sê: **7** ‘Bring vir
my ’n stuk wild en maak vir my
’n smaaklike gereg en laat my
tog eet, sodat ek jou voor my
dood voor Jehovah kan seën.’[g]
**8** My seun, luister dan nou na
my stem in wat ek jou beveel.[h]
**9** Gaan asseblief na die kud-
de en gaan haal vir my daar
twee boklammers, goeies, sodat
ek daarvan ’n smaaklike gereg
kan maak vir jou vader soos hy
daarvan hou. **10** Dan moet jy
dit na jou vader toe neem en hy
moet dit eet, sodat hy jou voor
sy dood kan seën.”

**11** En Jakob het vir sy moe-
der Rebekka gesê: “Maar my
broer Esau is ’n harige man en
ek is ’n gladde man.[i] **12** Sê
nou my vader voel aan my?[j]
Dan sal ek beslis in sy oë word
soos een wat die spot dryf,[k]
en ek sal beslis ’n vloek oor
my bring en nie ’n seën nie.”[l]
**13** Hierop het sy moeder vir
hom gesê: “Laat die vloek wat
vir jou bedoel is, op my wees,
my seun.[m] Luister net na my

**HFST. 26**
a Ge 21:32
b Rig 11:7
c Ge 21:22, Ge 39:5, Jos 3:7, Sag 8:23, 1Ko 14:25
d Ge 21:31
e Ge 21:27, Ge 31:44
f Spr 16:7
g Ge 12:2, Ge 22:17, Ps 115:15, Jes 61:9, Mt 25:34
h Ge 19:3, 2Kn 6:23
i Ge 14:22, Ge 21:23, 1Sa 20:17
j Ro 12:18, Heb 12:14, 1Pe 3:11
k Ge 26:18
l Rig 20:1
m Ge 36:2, De 7:3
n Ge 27:46, Ge 28:8

**HFST. 27**
o Ge 48:10, Pr 12:3
p Ge 25:28

**Tweede kol.**
a Jes 46:4
b Ge 48:21, Spr 27:1, Pr 9:12, Jak 4:14
c Ge 25:27
d Ge 48:9, Ge 49:28, Heb 11:20
e Ge 27:30
f Ge 25:28
g Ge 27:31, Ge 49:1, De 33:1
h Ge 27:13, Ge 27:43, Spr 1:8, Ef 6:1
i Ge 25:25, Ge 27:23
j Ge 27:21
k Jos 9:6
l De 11:26, De 23:5, De 30:1
m Ge 43:9

stem en gaan haal hulle vir my."[a] **14** Toe het hy hulle gaan haal en na sy moeder toe gebring, en sy moeder het 'n smaaklike gereg gemaak soos sy vader daarvan hou. **15** Daarna het Rebekka klere van haar oudste seun Esau geneem,[b] die begeerlikste wat by haar in die huis was,[c] en dit vir haar jongste seun Jakob aangetrek.[d] **16** En die velle van die boklammers het sy op sy hande en op die haarlose deel van sy nek gesit.[e] **17** Toe het sy die smaaklike gereg en die brood wat sy gemaak het, in die hand van haar seun Jakob gegee.[f]

**18** En hy het na sy vader toe gegaan en gesê: "My vader!" waarop hy gesê het: "Hier is ek! Wie is jy, my seun?" **19** En Jakob het vir sy vader gesê: "Ek is Esau, u eersgeborene.[g] Ek het gedoen net soos u vir my gesê het. Rig u asseblief op. Kom sit en eet van my wildsvleis, sodat u siel my kan seën."[h] **20** Daarop het Isak vir sy seun gesê: "Hoe is dit dat jy dit so gou gevind het, my seun?" En hy het gesê: "Omdat Jehovah u God my dit laat teëkom het." **21** Toe het Isak vir Jakob gesê: "Kom asseblief nader sodat ek aan jou kan voel, my seun, dat ek kan weet of jy werklik my seun Esau is of nie."[i] **22** Toe het Jakob nader gekom na sy vader Isak toe, en hy het aan hom gevoel, waarna hy gesê het: "Die stem is die stem van Jakob, maar die hande is die hande van Esau."[j] **23** En hy het hom nie herken nie, omdat sy hande harig was soos die hande van sy broer Esau. Hy het hom derhalwe geseën.[k]

**24** Daarna het hy gesê: "Is jy werklik my seun Esau?" waarop hy gesê het: "Ek is."[l] **25** Toe het hy gesê: "Bring dit vir my nader, dat ek van die wildsvleis van my seun kan eet, sodat my siel jou kan seën."[a] Daarop het hy dit vir hom nader gebring, en hy het begin eet, en hy het vir hom wyn gebring, en hy het begin drink. **26** Toe het sy vader Isak vir hom gesê: "Kom asseblief nader en soen my, my seun."[b] **27** En hy het nader gekom en hom gesoen, en hy kon die geur van sy klere ruik.[c] En hy het hom geseën en gesê:

"Kyk, die geur van my seun is soos die geur van die veld wat Jehovah geseën het. **28** En mag die ware God jou die dou van die hemel[d] gee en die vrugbare grond van die aarde[e] en 'n oorvloed van graan en nuwe wyn.[f] **29** Laat volke jou dien en laat volksgroepe laag voor jou buig.[g] Word meester oor jou broers, en laat die seuns van jou moeder laag voor jou buig.[h] Mag almal wat jou vervloek, vervloek wees, en mag almal wat jou seën, geseënd wees."[i]

**30** En net toe Isak Jakob klaar geseën het, ja, toe Jakob skaars van die aangesig van sy vader Isak af weggegaan het, het sy broer Esau van die jag af teruggekom.[j] **31** En ook hy het 'n smaaklike gereg gemaak. Toe het hy dit na sy vader toe gebring en vir sy vader gesê: "Laat my vader opstaan en van sy seun se wildsvleis eet, sodat u siel my kan seën."[k] **32** Hierop het sy vader Isak vir hom gesê: "Wie is jy?" waarop hy gesê het: "Ek is u seun, u eersgeborene, Esau."[l] **33** En Isak het gesidder en erg begin bewe en toe gesê: "Wie is dit dan wat wild gejag en dit vir my gebring het, sodat ek van alles geëet het voordat jy ingekom het en

HFST. 27
a Ge 27:8; Spr 6:20
b Ge 25:23
c 1Sa 28:8
d Ge 25:26
e Ge 25:25; Ge 27:11
f Ge 27:9
g Ge 25:33; Ro 9:12
h Ge 27:4; Heb 11:20
i Ge 27:11
j Ge 27:16
k De 21:17; Ro 9:11; Heb 11:20
l Ge 25:33

Tweede kol.
a De 33:28; Spr 10:6
b Ge 48:10
c Ge 25:27; Ge 27:15; Hgl 4:11
d De 11:11; Jes 45:8; Ho 14:5
e Ge 45:18; Nu 13:27
f Ge 27:37; De 7:13; 2Kn 18:32; Ps 104:15
g 2Sa 8:1; Da 2:44
h Ge 25:23; Ge 49:8
i Ge 12:3; Ge 28:3; Ge 31:42; Nu 24:9; Ese 25:12
j Ge 27:3
k Heb 7:7
l Ge 25:25; Ge 25:31; Heb 12:16

ek hom geseën het? Geseënd sal hy ook wees!”[a]

**34** Toe Esau sy vader se woorde hoor, het hy op ’n baie harde en bitter toon begin uitroep en vir sy vader gesê:[b] “Seën my, ja, ook my, my vader!”[c] **35** Maar hy het gesê: “Jou broer het gekom met bedrog sodat hy die seën kon ontvang wat vir jou bedoel was.”[d] **36** Hierop het hy gesê: “Is dit nie waarom hy Jakob genoem word nie, omdat hy my nou al twee keer verdring het?[e] My geboortereg het hy alreeds geneem,[f] en kyk, nou het hy my seën geneem!”[g] Toe het hy bygevoeg: “Het u nie vir my ’n seën oorgehou nie?” **37** Maar Isak het Esau geantwoord en verder gesê: “Kyk, ek het hom as meester oor jou aangestel,[h] en al sy broers het ek hom as knegte gegee,[i] en graan en nuwe wyn het ek vir sy onderhoud geskenk,[j] en wat kan ek dan nog vir jou doen, my seun?”

**38** Toe het Esau vir sy vader gesê: “Het u net een seën, my vader? Seën my, ja, ook my, my vader!”[k] Daarop het Esau sy stem verhef en in trane uitgebars.[l] **39** Toe het sy vader Isak hom geantwoord en gesê:

“Kyk, ver van die vrugbare grond van die aarde sal jou woonplek gevind word, en ver van die dou van die hemel daar bo.[m] **40** En van jou swaard sal jy lewe,[n] en jou broer sal jy dien.[o] Maar wanneer jy rusteloos raak, sal jy inderdaad sy juk van jou nek afbreek.”[p]

**41** Esau was Jakob egter vyandiggesind weens die seën waarmee sy vader hom geseën het,[q] en Esau het in sy hart bly sê:[r] “Die dae van die routyd oor my vader kom nader.[s] Daarna gaan ek my broer Jakob doodmaak.”[a] **42** Toe die woorde van haar oudste seun Esau aan Rebekka vertel word, het sy dadelik gestuur en haar jongste seun Jakob laat roep en vir hom gesê: “Kyk! Jou broer Esau troos hom met betrekking tot jou—om jou dood te maak.[b] **43** My seun, luister dan nou na my stem en staan op,[c] vlug na my broer Laban in Haran.[d] **44** En jy moet ’n aantal dae by hom woon totdat die woede van jou broer bedaar,[e] **45** totdat die toorn van jou broer van jou wyk en hy vergeet het wat jy hom aangedoen het.[f] En ek sal beslis stuur en jou daarvandaan laat haal. Waarom moet ek op een dag ook van julle al twee beroof word?”

**46** Daarna het Rebekka vir Isak bly sê: “Ek het ’n afsku gekry van my lewe weens die dogters van Het.[g] As Jakob ooit ’n vrou neem uit die dogters van Het soos dié uit die dogters van die land, watter nut het die lewe dan vir my?”[h]

**28** Gevolglik het Isak Jakob geroep en hom geseën en hom beveel en vir hom gesê: “Jy mag nie ’n vrou uit die dogters van Kanaän neem nie.[i] **2** Staan op, gaan na Paddan-Aram, na die huis van Be′tuel, die vader van jou moeder, en neem daar vir jou ’n vrou uit die dogters van Laban, die broer van jou moeder.[j] **3** En God die Almagtige sal jou seën en jou vrugbaar maak en jou vermeerder, en jy sal beslis ’n versameling van volke word.[k] **4** En hy sal aan jou die seën van Abraham gee,[l] aan jou en jou saad by jou,[m] sodat jy die land van jou vreemdelingskap,[n] wat God aan Abraham gegee het,[o] in besit kan neem.”

---

**HFST. 27**

a Ro 9:13
b Lu 13:28
c Heb 12:17
d De 21:17; Mal 1:2; Ga 3:9
e Ge 25:26; Ge 32:28; Ho 12:3
f Ge 25:34; Mt 5:33; Heb 6:16
g Ge 27:28
h Ge 25:23; Ge 27:29; Ro 9:12
i Ge 49:8
j De 33:28; Jl 2:19
k Heb 12:17
l Jes 65:14
m Jos 24:4; Heb 11:20
n Ge 32:6; Nu 20:18
o Ge 25:23; 2Sa 8:14
p 2Kn 8:20; 2Kr 28:17
q Ge 4:5; Ge 37:11; Am 1:11; 1Jo 2:11
r Ps 140:2; Mr 7:21
s Ge 35:29

**Tweede kol.**

a Ge 4:8; 1Jo 3:15
b Ge 37:18; Ps 64:6; Spr 6:17
c Spr 1:8; Kol 3:20
d Ge 28:5
e Ps 37:8
f Eks 4:19; Mt 5:22
g Ge 26:35; Ge 28:8
h Ge 24:3

**HFST. 28**

i Ge 24:37; Eks 34:15; 1Kn 11:1; 1Ko 7:39; 2Ko 6:14
j Ge 29:16
k Ge 17:5; Ge 46:15; 1Kr 2:1; Ro 4:17
l Ge 12:2
m Ge 15:5; Ro 9:7; Ga 3:29
n Ge 12:7; Ge 15:13; Ge 17:8
o Heb 11:9

**5** So het Isak Jakob wegge-
stuur, en hy het na Paddan-
Aram gegaan, na Laban, die
seun van Be′tuel, die Siriër,[a] die
broer van Rebekka,[b] die moe-
der van Jakob en Esau.[c]
**6** Toe Esau sien dat Isak Ja-
kob geseën het en hom na Pad-
dan-Aram weggestuur het om
daar vir hom ’n vrou te neem,
en dat hy hom, toe hy hom ge-
seën het, beveel het deur te sê:
“Moenie ’n vrou uit die dogters
van Kanaän neem nie”,[d] **7** en
dat Jakob sy vader en sy moe-
der gehoorsaam het en op pad
na Paddan-Aram[e] was, **8** het
Esau gesien dat die dogters van
Kanaän nie welgevallig was in
die oë van sy vader Isak nie.[f]
**9** Esau het derhalwe na Is′ma-
el toe gegaan en Ma′halat, die
dogter van Is′mael, die seun
van Abraham, die suster van
Ne′bajot, by sy ander vrouens
as vrou geneem.[g]
**10** En Jakob het uit Berse′ba
getrek en verder gegaan na Ha-
ran.[h] **11** Na verloop van tyd
het hy by ’n plek gekom en
hom klaargemaak om daar te
oornag omdat die son onderge-
gaan het. Toe het hy een van die
klippe van die plek geneem en
dit as sy kopstut neergesit en
op dié plek gaan lê.[i] **12** En hy
het begin droom,[j] en kyk! daar
was ’n leer wat op die aarde ge-
staan het en waarvan die top
tot aan die hemel gereik het; en
kyk! God se engele het daarmee
op- en afgeklim.[k] **13** En kyk!
Jehovah het boaan gestaan, en
hy het gesê:[l]
“Ek is Jehovah, die God van
jou vader Abraham en die God
van Isak.[m] Die land waarop jy
lê, gaan ek aan jou en aan jou
saad gee.[n] **14** En jou saad sal
beslis soos die stofdeeltjies van
die aarde word,[o] en jy sal be-
slis na die weste en na die ooste
en na die noorde en na die sui-
de uitbrei,[a] en deur middel van
jou en deur middel van jou saad
sal al die families van die aarde
hulleself beslis seën.[b] **15** En
kyk, ek is met jou en ek sal jou
bewaar oral waar jy gaan en ek
sal jou na hierdie grond terug-
bring,[c] want ek sal jou nie ver-
laat totdat ek gedoen het wat
ek vir jou gesê het nie.”[d]
**16** Toe het Jakob uit sy slaap
wakker geword en gesê: “Waar-
lik, Jehovah is op hierdie plek,
en ek het dit nie geweet nie.”
**17** En hy het bevrees geword
en bygevoeg:[e] “Hoe vreesinboe-
semend is hierdie plek tog![f] Dit
is niks anders as die huis van
God[g] nie en dit is die poort van
die hemel.” **18** Toe het Jakob
die oggend vroeg opgestaan en
die klip geneem wat daar as
sy kopstut gelê het, en hy het
dit as ’n pilaar opgerig en olie
daarop uitgegiet.[h] **19** Verder
het hy dié plek Bet-El[i] genoem;
maar die stad se naam was
vroeër eintlik Lus.[j]
**20** En Jakob het ’n gelofte
gedoen[k] en gesê: “As God voort-
durend met my sal wees en my
beslis op hierdie weg sal bewaar
waarop ek gaan en my beslis
brood sal gee om te eet en klere
om te dra[l] **21** en ek beslis in
vrede na die huis van my vader
sal terugkeer, dan sal Jehovah
my God wees.[m] **22** En hierdie
klip wat ek as ’n pilaar opgerig
het, sal ’n huis van God word,[n]
en van alles wat u my sal gee,
sal ek vir seker ’n tiende daar-
van aan u gee.”[o]

**29** Daarna het Jakob sy voe-
te gelig en na die land
van die Oosterlinge[p] voortge-
reis. **2** En hy het gesien, en
kyk, daar was ’n put in die
veld en kyk, drie troppe skape

HFST. 28
a Ge 25:20
b Ge 24:29
c Ge 25:28
d Ge 28:1; 2Ko 6:14
e Ge 27:43; Eks 20:12; Le 19:3
f Ge 24:3; Ge 27:46
g Ge 36:2
h Ge 11:31; Ge 27:43
i Ge 28:19
j Nu 12:6; Job 33:15
k Mt 28:2; Joh 1:51; Heb 1:14
l Da 7:9
m Ge 26:24; Mr 12:26; Han 7:32
n Ge 12:7; Ge 28:4; Ps 105:11; Han 7:5
o Ge 13:16; 1Kn 4:20

Tweede kol.
a Ge 13:14
b Ge 18:18; Ge 22:18
c Ge 35:6; Ge 46:4
d Ge 31:3; Nu 23:19; Jos 23:14; Heb 6:18
e Eks 3:6; Rig 13:22; Mt 17:6
f Ps 47:2; Ps 66:5; Ps 68:35
g Ge 35:1; Ps 27:4
h Ge 31:13
i Rig 4:5; Ho 12:4
j Ge 35:6; Jos 16:2; Rig 1:23
k Pr 5:4
l Mt 6:30
m Eks 15:2; De 26:17
n Ge 35:1
o Ge 14:20; Le 27:30; Mal 3:8

HFST. 29
p Rig 6:3; 1Kn 4:30; Job 1:3

het daarby gelê, want uit daar-
die put het hulle gewoonlik die
troppe water gegee;[a] en daar
was 'n groot klip op die ope-
ning van die put.[b] **3** Wanneer
al die troppe daar versamel is,
het hulle die klip van die ope-
ning van die put weggerol en
die kleinvee water gegee, waar-
na hulle die klip weer op sy plek
op die opening van die put gesit
het.

**4** En Jakob het vir hulle ge-
sê: "My broers, van waar is jul-
le?" waarop hulle gesê het: "Ons
is van Haran."[c] **5** Toe het hy
vir hulle gesê: "Ken julle vir
Laban,[d] die kleinseun van Na-
hor?"[e] waarop hulle gesê het:
"Ons ken hom." **6** Hierop het
hy vir hulle gesê: "Gaan dit
goed met hom?"[f] Toe het hul-
le gesê: "Dit gaan goed. En
hier kom sy dogter Ragel[g] met
die skape!"[h] **7** En hy het ge-
sê: "Kyk, die dag is nog lank.
Dit is nie die tyd om die kuddes
te versamel nie. GEE die skape
water en gaan dan en laat hulle
wei."[i] **8** Hierop het hulle gesê:
"Ons mag dit nie doen voordat
al die troppe versamel is en hul-
le die klip van die opening van
die put wegrol nie. Dan moet
ons die skape water gee."

**9** Terwyl hy nog met hulle
gepraat het, het Ragel[j] gekom
met die skape wat aan haar va-
der behoort het, want sy was
'n herderin.[k] **10** En toe Jakob
Ragel, die dogter van Laban,
sy moeder se broer, sien en die
skape van Laban, sy moeder
se broer, het Jakob onmiddel-
lik nader gegaan en die klip van
die opening van die put weg-
gerol en die skape van Laban,
sy moeder se broer, water ge-
gee.[l] **11** Toe het Jakob Ragel
gesoen[m] en sy stem verhef en
in trane uitgebars.[n] **12** En Ja-
kob het Ragel begin vertel dat
hy die broer[a] van haar vader is
en dat hy die seun van Rebek-
ka is. En sy het gehardloop en
haar vader gaan vertel.[b]

**13** En toe Laban die berig
hoor oor Jakob, die seun van sy
suster, het hy hom tegemoetge-
hardloop.[c] Toe het hy hom om-
hels en hom gesoen en hom in
sy huis ingebring.[d] En hy het al
hierdie dinge vir Laban begin
vertel. **14** Daarna het Laban
vir hom gesê: "Jy is waarlik my
been en my vlees."[e] En hy het
'n volle maand by hom gebly.

**15** Daarna het Laban vir Ja-
kob gesê: "Is jy my broer,[f] en
moet jy my verniet dien?[g] Sê
my: Wat moet jou loon wees?"[h]
**16** En Laban het twee dogters
gehad. Die naam van die oud-
ste was Lea,[i] en die naam van
die jongste Ragel. **17** Maar
die oë van Lea het geen glans
gehad nie, terwyl Ragel[j] prag-
tig van gestalte en pragtig van
gelaat geword het.[k] **18** En Ja-
kob was verlief op Ragel. Daar-
om het hy gesê: "Ek is be-
reid om u sewe jaar te dien
vir Ragel, u jongste dogter."[l]
**19** Hierop het Laban gesê: "Dit
is beter dat ek haar aan jou gee
as dat ek haar aan 'n ander man
gee.[m] Bly by my." **20** En Ja-
kob het sewe jaar vir Ragel ge-
dien,[n] maar weens sy liefde vir
haar was dit soos 'n paar dae in
sy oë.[o]

**21** Daarna het Jakob vir La-
ban gesê: "Gee my vrou,
want my dae is om, en laat
ek met haar gemeenskap hê."[p]
**22** Daarop het Laban al die
mense van die plek versamel
en 'n feesmaal klaargemaak.[q]
**23** Maar gedurende die aand
het hy sy dogter Lea geneem
en haar na hom toe gebring so-
dat hy met haar gemeenskap

**HFST. 29**
a Ge 30:40 Hgl 4:1
b Ge 24:11 Eks 2:15 Joh 4:6
c Ge 27:43 Han 7:2
d Ge 24:29
e Ge 24:24 Ge 31:53
f Ge 43:27 1Sa 17:22
g Ge 31:4 Ge 46:19 Rut 4:11
h Eks 2:16
i Ps 23:2 Hgl 1:7
j Ge 30:1 Ge 35:19
k Eks 2:16
l Eks 2:17
m Ge 33:4 Ge 45:15 Lu 15:20 Ro 16:16
n Ge 43:30 Ge 45:2

**Tweede kol.**
a Ge 13:8 Ge 14:14
b Ge 24:28
c Ge 24:29
d Han 20:37
e Rig 9:2 2Sa 5:1
f Ge 27:43 Ge 28:5
g De 25:4 1Ti 5:18
h Ge 30:28 Ge 31:7
i Ge 30:19 Ge 46:15 Rut 4:11
j Ge 30:25 Ge 35:16
k Ge 12:11 Ge 24:16 Est 2:7
l Ge 31:41 Ge 34:12
m Ps 12:2
n Ge 30:26 Ho 12:12
o Hgl 8:6
p Rut 4:13 Spr 5:18 1Ko 7:3
q Rig 14:10 Mt 22:2 Op 19:9

kon hê. **24** Ook het Laban sy diensmeisie Silpa[a] aan haar, ja, aan sy dogter Lea, as ’n diensmeisie gegee. **25** En in die oggend, kyk, dit was Lea! Gevolglik het hy vir Laban gesê: “Wat het u my aangedoen? Was dit nie vir Ragel dat ek by u in diens was nie? Waarom het u my dan bedrieg?”[b] **26** Hierop het Laban gesê: “Dit is in ons plek nie gebruiklik om so te maak nie, om die jonger vrou voor die eersgeborene te gee nie. **27** Vier[c] die volle week van hierdie vrou. Daarna sal hierdie ander vrou ook aan jou gegee word vir die diens waarmee jy nog sewe jaar by my kan dien.”[d] **28** Gevolglik het Jakob dit gedoen en die volle week van dié vrou gevier, waarna hy hom sy dogter Ragel as vrou gegee het. **29** Daarbenewens het Laban sy diensmeisie Bilha[e] aan sy dogter Ragel as haar diensmeisie gegee.

**30** Toe het hy ook met Ragel gemeenskap gehad en ook aan Ragel meer liefde betoon as aan Lea,[f] en hy was nog sewe jaar by hom in diens.[g] **31** Toe Jehovah sien dat Lea gehaat word, het hy haar moederskoot geopen,[h] maar Ragel was onvrugbaar.[i] **32** En Lea het swanger geword en aan ’n seun geboorte gegee en hom toe Ruben[j] genoem, want sy het gesê: “Dit is omdat Jehovah my ellende aangesien het,[k] want nou sal my man my liefkry.” **33** En sy het weer swanger geword en aan ’n seun geboorte gegee en toe gesê: “Dit is omdat Jehovah geluister het,[l] want ek is gehaat, en daarom het hy my ook hierdie een gegee.” Sy het hom derhalwe Si′meon[m] genoem. **34** En sy het weer eens swanger geword en aan ’n seun geboorte gegee en toe gesê: “Hierdie keer sal my man hom met my verbind, want ek het vir hom drie seuns gebaar.” Daarom is hy Levi[a] genoem. **35** En sy het weer eens swanger geword en aan ’n seun geboorte gegee en toe gesê: “Hierdie keer sal ek Jehovah prys.” Sy het hom derhalwe Juda[b] genoem. Daarna het sy opgehou met baar.

**30** Toe Ragel sien dat sy vir Jakob geen kind gebaar het nie, het Ragel jaloers geword op haar suster en vir Jakob begin sê:[c] “Gee vir my kinders of anders sal ek ’n dooie vrou wees.”[d] **2** Hierop het Jakob se toorn teen Ragel ontvlam en het hy gesê:[e] “Is ek in die plek van God, wat die vrug van die moederskoot van jou teruggehou het?”[f] **3** Toe het sy gesê: “Hier is my slavin Bilha.[g] Hou gemeenskap met haar, sodat sy op my knieë geboorte kan gee en dat ek, ja ek, kinders van haar kan kry.”[h] **4** Daarop het sy haar diensmeisie Bilha vir hom as vrou gegee, en Jakob het met haar gemeenskap gehad.[i] **5** En Bilha het swanger geword en na verloop van tyd vir Jakob ’n seun gebaar.[j] **6** Toe het Ragel gesê: “God het as my regter opgetree[k] en het ook na my stem geluister, sodat hy my ’n seun gegee het.” Daarom het sy hom Dan[l] genoem. **7** En Bilha, Ragel se diensmeisie, het weer eens swanger geword en na verloop van tyd vir Jakob ’n tweede seun gebaar. **8** Toe het Ragel gesê: “Met moeisame worstelinge het ek met my suster geworstel. Ek het ook oorwin!” Daarom het sy hom Naf′tali[m] genoem.

**HFST. 29**

a Ge 16:1; Ge 30:9; Ge 46:18
b Ge 31:7; Ge 31:42; Le 19:11; Mt 5:37; 2Ko 4:2
c De 24:5; Ps 19:5
d Ge 31:41
e Ge 30:3; Ge 35:22
f De 21:15
g Ho 12:12
h Ge 46:15; Rut 4:11
i Ge 30:22
j Ge 35:22; Ge 37:22; Ge 49:3; Eks 6:14; 1Kr 5:1; Op 7:5
k Ge 30:20; 1Sa 1:6; Lu 1:25
l Ge 30:6; Ps 34:15
m Ge 34:25; Ge 42:24; Ge 49:5; 1Kr 4:24; Op 7:7

**Tweede kol.**

a Ge 34:25; Ge 49:5; Eks 6:16; Nu 3:12; 1Kr 6:1; Op 7:7
b Ge 35:23; Ge 37:26; Ge 38:15; Ge 44:18; Ge 49:8; 1Kr 2:3; Op 5:5; Op 7:5

**HFST. 30**

c Ge 16:5; 1Sa 1:6; Spr 14:30; Tit 3:3
d Nu 11:15; 1Sa 1:10; Jer 20:18
e Ef 4:26; Kol 3:19
f 1Sa 1:5; Ps 127:3; Ho 9:11
g Ge 29:29
h Ge 16:2; Ge 50:23; Rut 4:17
i Ge 22:24; Ge 25:6; Ge 35:22
j Ge 16:15
k Rig 11:27; Ps 26:1; Ps 75:7
l Ge 35:25; Ge 46:23; Ge 49:16

m Ge 35:25; Ge 46:24; Ge 49:21; De 33:23; Op 7:6.

**9** Toe Lea sien dat sy opge-
hou het met baar, het sy haar
diensmeisie Silpa geneem en
haar aan Jakob as vrou ge-
gee.[a] **10** Na verloop van tyd
het Silpa, Lea se diensmei-
sie, vir Jakob 'n seun gebaar.
**11** Toe het Lea gesê: "Met ge-
luk!" Daarom het sy hom Gad[b]
genoem. **12** Daarna het Silpa,
Lea se diensmeisie, vir Jakob 'n
tweede seun gebaar. **13** Toe
het Lea gesê: "Met my geluk!
Want die dogters sal my voor-
waar gelukkig noem."[c] Daarom
het sy hom Aser[d] genoem.

**14** En Ruben[e] het in die dae
van die koringoes[f] gaan stap
en liefdesappels in die veld ge-
vind. En hy het dit na sy moe-
der Lea gebring. Toe het Ragel
vir Lea gesê: "Gee my asseblief
van jou seun se liefdesappels."[g]
**15** Hierop het sy vir haar ge-
sê: "Is dit 'n kleinigheid dat jy
my man geneem het,[h] dat jy
nou ook my seun se liefdesap-
pels neem?" Toe het Ragel ge-
sê: "Daarom gaan hy vannag by
jou lê in ruil vir jou seun se lief-
desappels."

**16** Toe Jakob die aand van
die veld af kom,[i] het Lea hom
tegemoetgegaan en gesê: "Jy
gaan met mý gemeenskap hê,
want ek het jou regstreeks met
my seun se liefdesappels ge-
huur." Gevolglik het hy dié nag
by haar gaan lê.[j] **17** En God
het Lea verhoor, en sy het
swanger geword en na verloop
van tyd vir Jakob 'n vyfde seun
gebaar.[k] **18** Toe het Lea ge-
sê: "God het my 'n huurling se
loon gegee, omdat ek my diens-
meisie aan my man gegee het."
Daarom het sy hom Is′saskar[l]
genoem. **19** En Lea het weer
eens swanger geword en na ver-
loop van tyd vir Jakob 'n ses-
de seun gebaar.[m] **20** Toe het
Lea gesê: "God het my, ja my,
'n goeie geskenk gegee. Einde-
lik sal my man my duld,[a] om-
dat ek vir hom ses seuns gebaar
het."[b] Daarom het sy hom Se′-
bulon[c] genoem. **21** En daarna
het sy 'n dogter gebaar en haar
toe Dina[d] genoem.

**22** Uiteindelik het God aan
Ragel gedink, en God het haar
verhoor deurdat hy haar moe-
derskoot geopen het.[e] **23** En
sy het swanger geword en aan
'n seun geboorte gegee. Toe het
sy gesê: "God het my smaad
weggeneem!"[f] **24** Daarom het
sy hom Josef[g] genoem en ge-
sê: "Jehovah voeg vir my nog 'n
seun by."

**25** En toe Ragel aan Josef
geboorte gegee het, het Ja-
kob onmiddellik vir Laban ge-
sê: "Stuur my weg sodat ek na
my plek en na my land kan
gaan.[h] **26** Gee my vrouens en
my kinders, vir wie ek by u in
diens was, sodat ek kan gaan;
want u behoort self te weet wat-
ter diens ek vir u verrig het."[i]
**27** Toe het Laban vir hom gesê:
"As ek dan nou guns in jou oë
gevind het—ek het die voorte-
kens sodanig opgeneem, dat Je-
hovah my om jou ontwil seën."[j]
**28** En hy het bygevoeg: "Be-
paal vir my jou loon, en ek sal
dit gee."[k] **29** Toe het hy vir
hom gesê: "U behoort self te
weet hoe ek u gedien het en hoe
dit met u kudde by my gegaan
het;[l] **30** dat u voor my koms
in werklikheid min gehad het,
en dit het tot 'n menigte uitge-
brei, deurdat Jehovah u geseën
het sedert ek gekom het.[m] En
wanneer moet ek dan nou ook
iets vir my eie huis doen?"[n]

**31** Toe het hy gesê: "Wat sal
ek jou gee?" En Jakob het gesê:
"U sal my hoegenaamd niks gee
nie![o] As u hierdie ding vir my

**HFST. 30**
a Ge 35:26
b Ge 49:19, Nu 32:33, Op 7:5
c Hgl 6:9, Lu 1:48
d Ge 35:26, Ge 46:17, Ge 49:20, De 33:24, Op 7:6
e Ge 29:32
f Eks 34:22, Joh 4:35
g Hgl 7:13
h Ge 29:30
i Lu 2:8
j 1Ko 7:3
k Ps 65:2, Lu 1:13
l Ge 35:23, Ge 46:13, Ge 49:14, De 33:18, 1Kr 12:32, Op 7:7
m Rut 4:11

**Tweede kol.**
a Ge 29:32, Ps 127:3
b Ge 35:23, Ge 46:15
c Ge 46:14, Ge 49:13, De 33:18, Op 7:8
d Ge 34:1
e Ge 29:31, 1Sa 1:6, Ps 113:9
f Jes 54:1, Lu 1:25
g Ge 35:24, Ge 45:4, De 33:13, Han 7:9, Op 7:8
h Ge 28:15, Ge 31:13
i Ge 31:41, Ho 12:12
j Ge 12:3, Ge 39:3
k Ge 31:7, Le 19:13
l Ge 31:38, Ef 6:8
m Ps 107:38
n Ge 32:10, 1Ti 5:8
o Ps 118:8, Heb 13:5

sal doen, sal ek weer u kleinvee
oppas.[a] Ek sal voortgaan om
hulle te bewaak.[b] 32 Ek sal
vandag deur al u kleinvee gaan.
Sonder daarvan elke skaap af
wat gespikkeld en bont is, en
elke donkerbruin skaap onder
die jong ramme en elke bonte
en gespikkelde onder die bok-
ooie. Voortaan moet sulkes my
loon wees.[c] 33 En my regte
handelswyse moet vir my ge-
tuig op watter dag in die toe-
koms u ook al kom om my loon
te bekyk;[d] alles wat nie gespik-
keld en bont onder die bokooie
en donkerbruin onder die jong
ramme is nie, is gesteelde goed
as dit by my is.”[e]

34 Hierop het Laban gesê:
“Wel, dit is goed! Laat dit vol-
gens jou woord wees.”[f] 35 Toe
het hy op dié dag die gestreepte
en bont bokramme en al die ge-
spikkelde en bont bokooie afge-
sonder, almal wat wit aan hulle
gehad het en almal wat don-
kerbruin onder die jong ram-
me was, maar hy het hulle in
die hande van sy seuns oorge-
gee. 36 Daarna het hy ’n af-
stand van drie dagreise tussen
hom en Jakob gestel, en Jakob
het die kleinvee van Laban op-
gepas wat oorgebly het.

37 Toe het Jakob vir sy ge-
bruik stokke wat nog vogtig
was, van die storaksboom[g] en
van die amandelboom[h] en van
die plataanboom[i] geneem en
wit geskilde plekke daarin ge-
skil deur die wit wat op die stok-
ke[j] was, bloot te lê. 38 Uit-
eindelik het hy die stokke wat
hy geskil het, voor die klein-
vee gesit, in die watervore, in
die waterdrinkbakke,[k] waar die
kleinvee kom drink het, sodat
hulle voor die stokke op hit-
te sou kom wanneer hulle kom
drink het.

39 Gevolglik het die klein-
vee voor die stokke op hit-
te gekom, en die kleinvee het
gestreeptes, gespikkeldes en
bontes voortgebring.[a] 40 En
Jakob het die jong ramme af-
gesonder en toe die koppe van
die kleinvee gedraai na die
gestreeptes en al die donker-
bruines onder die kleinvee van
Laban. Toe het hy sy troppe
eenkant gesit en hulle nie by
die kleinvee van Laban gesit
nie. 41 En elke keer wanneer
die sterk[b] kleinvee op hitte ge-
kom het, het Jakob die stok-
ke in die watervore[c] voor die
oë van die kleinvee gesit, so-
dat hulle by die stokke op hit-
te sou kom. 42 Maar wanneer
die kleinvee swakkerig was, het
hy dit nie daar gesit nie. So het
Laban altyd die swakkes gekry,
maar Jakob die sterkes.[d]

43 En die man het al hoe
meer uitgebrei, en hy het baie
kleinvee en diensmeisies en
diensknegte en kamele en esels
gehad.[e]

31 Na verloop van tyd het
hy die woorde gehoor
van die kinders van Laban,
wat gesê het: “Jakob het al-
les geneem wat aan ons va-
der behoort het; en uit wat
aan ons vader behoort het, het
hy al hierdie rykdom vergaar.”[f]
2 Wanneer Jakob na die ge-
sig van Laban gekyk het, was
dit nie meer teenoor hom soos
vroeër nie.[g] 3 Uiteindelik het
Jehovah vir Jakob gesê: “Keer
terug na die land van jou vaders
en na jou familielede,[h] en ek
sal voortdurend met jou wees.”[i]
4 Toe het Jakob gestuur en Ra-
gel en Lea veld toe geroep, na
sy kleinvee toe, 5 en hy het
vir hulle gesê:

“Ek sien aan die gesig van
julle vader dat hy nie meer

HFST. 30
a Ge 46:34; Ge 47:3
b 1Sa 25:7; Ho 12:12
c Ge 31:7; De 24:15; 1Kn 5:6; Job 7:2; Jer 22:13; 1Ti 5:18
d Mal 3:5
e Eks 22:1
f Ge 31:8
g Ho 4:13
h Nu 17:8; Pr 12:5
i Ese 31:8
j Nu 21:18; Sag 11:7
k Ge 24:20

Tweede kol.
a Ge 31:10
b Job 39:4
c Eks 2:16
d Ge 31:9; Ge 32:5
e Ge 32:5; Ge 36:7

HFST. 31
f Ge 30:33; Pr 4:4
g Ge 30:27; 1Sa 18:9
h Ge 28:15; Ge 32:9; Ge 35:27
i Jes 41:10; Ro 8:31; Heb 13:5

dieselfde teenoor my is as
vroeër nie;[a] maar die God van
my vader was met my.[b] **6** En
julle self weet vir seker dat
ek julle vader met al my krag
gedien het.[c] **7** En julle vader
het my vir die gek gehou, en
hy het my loon tien keer veran-
der, maar God het hom nie toe-
gelaat om my skade te berok-
ken nie.[d] **8** As hy enersyds
gesê het: 'Die gespikkeldes sal
jou loon word', dan het al die
kleinvee gespikkeldes voortge-
bring; maar as hy andersyds ge-
sê het: 'Die gestreeptes sal jou
loon word', dan het al die klein-
vee gestreeptes voortgebring.[e]
**9** So het God die kudde van jul-
le vader bly wegneem en aan
my gegee.[f] **10** Uiteindelik het
ek, toe die kleinvee op hitte ge-
kom het, my oë opgeslaan en
'n gesig in 'n droom gesien,[g]
en kyk, die bokramme wat die
kleinvee gedek het, was ge-
streep, gespikkeld en gevlek.[h]
**11** Toe het die engel van die
ware God vir my in die droom
gesê: 'Jakob!' waarop ek gesê
het: 'Hier is ek.'[i] **12** En hy
het verder gesê: 'Slaan asseblief
jou oë op en kyk: al die bok-
ramme wat die kleinvee dek, is
gestreep, gespikkeld en gevlek,
want ek het alles gesien wat La-
ban jou aandoen.[j] **13** Ek is die
ware God van Bet-El,[k] waar jy
'n pilaar gesalf het[l] en waar jy
'n gelofte aan my gedoen het.[m]
Staan nou op, gaan uit hierdie
land uit en keer terug na jou ge-
boorteland.' "[n]

**14** Hierop het Ragel en Lea
geantwoord en vir hom gesê: "Is
daar nog vir ons 'n erfdeel in die
huis van ons vader?[o] **15** Word
ons nie in werklikheid deur
hom as uitlanders beskou nie,
aangesien hy ons verkoop het,
sodat hy selfs van die geld wat
vir ons betaal is, voortdurend
eet?[a] **16** Want al die rykdom
wat God van ons vader wegge-
neem het, is ons en ons kinders
s'n.[b] Doen dan nou alles wat
God vir jou gesê het."[c]

**17** Toe het Jakob opgestaan
en sy kinders en sy vrouens op
die kamele getel;[d] **18** en hy
het sy hele kudde begin aan-
dryf en al die goed wat hy ver-
samel het,[e] die kudde wat hy
bekom het, wat hy in Paddan-
Aram versamel het, om na sy
vader Isak, na die land Kanaän,
te gaan.[f]

**19** En Laban het sy skape
gaan skeer. Intussen het Ra-
gel die terafim[g] gesteel wat
aan haar vader behoort het.
**20** En Jakob het Laban, die Si-
riër, uitoorlê, want hy het hom
nie vertel dat hy gaan vlug nie.
**21** En hy het gevlug, en hy het
opgestaan en deur die Rivier[h]
getrek, hy en alles wat hy ge-
had het. Daarna het hy sy ge-
sig na die bergstreek van Gi′-
lead[i] gekeer. **22** Later, op die
derde dag, is daar vir Laban
vertel dat Jakob gevlug het.
**23** Daarop het hy sy broers
saam met hom geneem en hom
'n afstand van sewe dagreise
agternagesit[j] en hom in die
bergstreek van Gi′lead inge-
haal. **24** Toe het God in die
nag in 'n droom[k] na Laban, die
Siriër,[l] gekom en vir hom gesê:
"Pas op dat jy met Jakob geen
goed of kwaad gaan spreek
nie."[m]

**25** En Laban het na Jakob
toe gegaan, aangesien Jakob sy
tent in die berg opgeslaan het
en Laban sy broers in die berg-
streek van Gi′lead kamp laat
opslaan het. **26** Toe het La-
ban vir Jakob gesê: "Wat het jy
gedoen, deurdat jy my uitoor-
lê het en my dogters wegge-

**HFST. 31**
a Ge 30:27
b Ge 48:15
c Ge 30:29, Ef 6:8, Kol 3:23
d Ps 37:28, Pr 8:12, Jes 54:17, 1Pe 3:13
e Ge 30:32
f Spr 13:22
g Nu 12:6
h Ge 30:39
i Jes 6:8
j Ge 29:25, Ge 31:39, De 24:15
k Ge 12:8, Ge 35:15
l Ge 28:18, Ge 35:14
m Ge 28:22, De 23:21, Pr 5:4
n Ge 37:1
o Nu 27:4

**Tweede kol.**
a Ge 31:41, Ho 12:12
b Ge 31:1
c Ge 31:3, Ge 32:9, Ps 45:10
d Ge 33:13
e Ge 30:43
f Ge 35:27
g Ge 31:14, Ge 31:30, Ge 35:2, Jos 24:2, Ese 21:21, Sag 10:2
h Ge 15:18
i Nu 32:1
j Ps 10:2
k Ge 20:3, Mt 27:19
l Ge 25:20, De 26:5, Ho 12:12
m Ge 24:50, Nu 24:13, Ps 105:15

voer het soos gevangenes wat
deur die swaard verower is?[a]
27 Waarom moes jy in die ge-
heim vlug en my uitoorlê en
het jy my nie vertel nie, so-
dat ek jou met vreugde en
met liedere,[b] met tamboeryn en
met harp[c] kon weggestuur het?
28 En jy het my nie 'n kans ge-
gee om my kinders en my dog-
ters te soen nie.[d] Nou het jy
dwaas gehandel. 29 Dit is in
die mag van my hand om jul-
le kwaad aan te doen,[e] maar die
God van julle vader het laas nag
met my gepraat en gesê: 'Pas op
dat jy met Jakob geen goed of
kwaad spreek nie.'[f] 30 Jy het
dan nou getrek omdat jy intens
verlang het na die huis van jou
vader, maar waarom het jy my
gode gesteel?"[g]

31 Jakob het geantwoord en
vir Laban gesê: "Omdat ek bang
was.[h] Want ek het by myself ge-
sê: 'U sal dalk u dogters van my
af wegruk.' 32 By wie u ook
al u gode vind, laat hom nie
lewe nie.[i] Ondersoek self, voor
ons broers, wat by my is en
neem dit vir u."[j] Maar Jakob
het nie geweet dat Ragel dit ge-
steel het nie.[k] 33 Toe het La-
ban in die tent van Jakob en in
die tent van Lea en in die tent
van die twee slavinne[l] inge-
gaan, maar dit nie gevind nie.
Uiteindelik het hy uit Lea se
tent uitgegaan en in Ragel se
tent ingegaan. 34 En Ragel
het die terafim geneem, en sy
het dit in die vrouesaalmandjie
van die kameel gesit, en sy het
daarop bly sit. Toe het Laban
die hele tent deurgevoel, maar
dit nie gevind nie. 35 Daar-
op het sy vir haar vader gesê:
"Moenie toorn in die oë van my
heer[m] laat flits omdat ek nie in
staat is om voor u op te staan
nie, want dit gaan met my soos
dit gebruiklik is met vroue."[a]
Toe het hy sorgvuldig verder
gesoek, maar die terafim[b] nie
gevind nie.

36 En Jakob het kwaad ge-
word[c] en met Laban rusie be-
gin maak, en Jakob het geant-
woord en vir Laban gesê: "Wat
is my opstand,[d] wat is my son-
de, dat u my so vurig agtervolg
het?[e] 37 Noudat u al my goed
deurgevoel het, wat het u van
al u huisgoed gevind?[f] Sit dit
hier voor my broers en u broers
neer,[g] en laat hulle tussen ons
twee beslis.[h] 38 Twintig jaar
was ek nou by u. U skaapooie
en u bokooie het geen misdrag
gehad nie,[i] en die ramme van u
kleinvee het ek nooit geëet nie.
39 'n Verskeurde dier het ek
nie na u toe gebring nie.[j] Ek
het self die verlies daarvan ge-
dra. Of een nou bedags gesteel
is of snags gesteel is, u het dit
van my hand geëis.[k] 40 Ek
het ondervind dat die hitte my
bedags verteer het en die koue
snags, en my slaap het van my
oë gewyk.[l] 41 Twintig jaar is
ek nou al in u huis. Ek het u
veertien jaar gedien vir u twee
dogters en ses jaar vir u klein-
vee, en u het my loon tien keer
verander.[m] 42 As die God van
my vader,[n] die God van Abra-
ham en die Vrees van Isak,[o] nie
aan my kant was nie, sou u my
nou met leë hande weggestuur
het. God het my ellende en die
moeisame arbeid van my hande
gesien, en daarom het hy u laas
nag tereggewys."[p]

43 Toe het Laban geant-
woord en vir Jakob gesê: "Die
dogters is my dogters en
die kinders my kinders en die
kleinvee my kleinvee, en alles
waarna jy kyk, is myne en my
dogters s'n. Wat kan ek van-
dag teen hulle of teen hulle

**HFST. 31**
a Ge 2:24
b Ps 98:5
c Eks 15:20, Job 21:12, Ps 149:3
d Ge 31:55
e Ps 52:1, Joh 19:10
f Ge 31:7, Ge 31:24, Han 5:39
g Ge 31:19, Ge 35:2, Rig 18:24, Jes 37:12, Han 19:26, 1Ko 10:14
h Ge 31:43
i Ge 44:9
j Ge 30:33
k Ge 31:19
l Ge 46:18, Ge 46:25
m Ge 18:12, Le 19:3, Ef 6:2

**Tweede kol.**
a Le 15:19, Ese 22:10
b Ge 31:19, 2Kn 23:24, Sag 10:2
c Ge 30:2, Spr 19:11, Ef 4:26
d 1Sa 24:11, Ps 59:3
e Klg 4:19
f Eks 22:8
g Ge 13:8
h 1Sa 12:3, 1Ti 5:19
i Ge 30:27, Job 21:10
j Eks 22:13, 1Sa 17:34
k Spr 29:7, Klg 3:36
l Ge 47:9, Kol 3:23
m Ge 31:7
n Ge 28:13, Ge 31:29
o Ge 31:53, Jes 8:13
p Ge 31:24, Ps 31:7

kinders doen wat hulle gebaar
het? **44** Kom dan nou, laat
ons ’n verbond sluit,[a] ek en jy,
en dit sal as ’n getuie tussen
my en jou dien.”[b] **45** Gevolg-
lik het Jakob ’n klip geneem
en dit as ’n pilaar opgerig.[c]
**46** Toe het Jakob vir sy broers
gesê: “Tel klippe op!” En hulle
het klippe geneem en ’n hoop
gemaak.[d] Daarna het hulle daar
op die hoop geëet. **47** En La-
ban het dit Je′gar-Sahadu′ta be-
gin noem, maar Jakob het dit
Gal-Ed genoem.

**48** En Laban het gesê: “Hier-
die hoop is vandag ’n getuie
tussen my en jou.” Daarom het
hy dit Gal-Ed[e] genoem, **49** en
Die Wagtoring, want hy het ge-
sê: “Mag Jehovah wag hou tus-
sen my en jou wanneer ons me-
kaar nie kan sien nie.[f] **50** As
jy my dogters gaan verdruk[g] en
as jy vrouens gaan neem be-
newens my dogters, is daar
geen mens by ons nie. Kyk!
God is ’n getuie tussen my en
jou.”[h] **51** En Laban het ver-
der vir Jakob gesê: “Hier is dié
hoop en hier is die pilaar wat
ek tussen my en jou opgerig
het. **52** Hierdie hoop is ’n ge-
tuie, en die pilaar is iets wat ge-
tuig,[i] dat ek nie by hierdie hoop
sal verbytrek teen jou en dat
jy nie by hierdie hoop en hier-
die pilaar sal verbytrek teen
my met kwade bedoelings nie.[j]
**53** Mag die god van Abraham[k]
en die god van Nahor[l] tussen
ons oordeel, die god van hul-
le vader.” Maar Jakob het ge-
sweer by die Vrees van sy vader
Isak.[m]

**54** Daarna het Jakob ’n offe-
rande op die berg gebring en sy
broers genooi om brood te eet.[n]
Gevolglik het hulle brood geëet
en die nag op die berg deurge-
bring. **55** Laban het egter die
oggend vroeg opgestaan en sy
kinders en sy dogters gesoen[a]
en hulle geseën.[b] Toe het Laban
vertrek om na sy plek terug te
keer.[c]

**32** En wat Jakob betref, hy
het vertrek, en die enge-
le van God het hom toe ont-
moet.[d] **2** Toe hy hulle sien,
het Jakob onmiddellik gesê:
“Dit is die kamp van God!”[e] Hy
het daardie plek derhalwe Ma-
hana′im[f] genoem.

**3** Toe het Jakob boodskap-
pers[g] voor hom uit gestuur na
sy broer Esau toe, na die land
Seïr,[h] die gebied van Edom,[i]
**4** en hy het hulle beveel en ge-
sê: “Só moet julle vir my heer,[j]
vir Esau, sê: ‘Só het u kneg Ja-
kob gesê: “By Laban het ek as
’n vreemdeling gewoon, en ek
het lank daar gebly, tot nou
toe.[k] **5** En ek het bulle en
esels, skape en diensknegte en
diensmeisies verkry,[l] en ek wil
my heer graag laat weet, sodat
ek guns in u oë mag vind.” ’ ”[m]

**6** Na verloop van tyd het die
boodskappers na Jakob toe te-
ruggekeer en gesê: “Ons het by
u broer Esau gekom, en hy is
ook op pad om u te ontmoet,
en vierhonderd man saam met
hom.”[n] **7** En Jakob het baie
bang en angstig geword.[o] Toe
het hy die mense wat by hom
was, en die kleinvee en die bees-
te en die kamele in twee kam-
pe verdeel,[p] **8** en hy het gesê:
“As Esau by die een kamp sou
kom en dit aanval, dan sal daar
beslis ’n kamp oorbly wat kan
ontkom.”[q]

**9** Daarna het Jakob gesê: “O
God van my vader Abraham en
God van my vader Isak,[r] o Je-
hovah, u wat vir my sê: ‘Keer
terug na jou land en na jou
familielede en ek sal aan jou
goed doen’,[s] **10** ek is nie al

**HFST. 31**
a Ge 26:28; Ga 3:15
b Ge 21:30; Jos 22:27; 3Jo 12
c Ge 28:18
d Jos 4:7; Jos 4:20; Jos 24:26
e Ge 31:23
f 2Kr 16:9; Spr 5:21; Spr 15:3
g Mal 2:15; Kol 3:19
h Rig 11:10; 1Sa 12:5; Mal 2:14
i Ge 31:45
j Jos 4:6
k Ge 17:7; Lu 20:37
l Jos 24:2
m Ge 31:42
n Ge 18:5; Ps 104:15

**Tweede kol.**
a Ge 31:28
b Ge 24:60
c Ge 27:43; Ge 28:2

**HFST. 32**
d Ps 34:7
e Lu 2:13
f 2Sa 17:24; Hgl 6:13
g Lu 9:52; Lu 14:32
h Ge 27:39; Ge 36:8; De 2:5; Jos 24:4
i Ge 25:30; Rig 5:4
j Ge 23:6; Ro 12:10
k Ge 31:41
l Ge 30:43; Ge 33:11
m Ge 33:8; Ge 47:25
n Ge 33:1
o Ge 27:41; Ge 32:11
p Spr 2:11; Pr 9:18
q Ge 33:1
r Eks 3:6; 1Pe 5:7
s Ge 31:3; Ge 31:13

die liefderyke goedhartighede
en al die getrouheid wat u teen-
oor u kneg bewys het,[a] waar-
dig nie, want net met my staf
het ek deur hierdie Jordaan ge-
trek, en nou het ek twee kam-
pe geword.[b] **11** Ek bid u, ver-
los my[c] uit my broer se hand,
uit Esau se hand, want ek is
bang vir hom, dat hy sal kom
en my beslis sal aanval,[d] die
moeder saam met die kinders.
**12** En u, u het gesê: 'Ek sal on-
getwyfeld aan jou goed doen en
jou saad soos die sandkorrels
van die see maak, wat vanweë
die menigte nie getel kan word
nie.' "[e]

**13** En hy het daardie nag
daar oorgebly. En van wat in
sy hand gekom het, het hy
'n geskenk vir sy broer Esau
geneem:[f] **14** tweehonderd
bokooie en twintig bokram-
me, tweehonderd skaapooie en
twintig ramme, **15** dertig so-
gende kamele en hulle kalfies,
veertig koeie en tien bulle,
twintig eselinne en tien vol-
groeide esels.[g]

**16** Toe het hy die een trop
na die ander afsonderlik aan sy
knegte oorgegee en herhaalde-
lik vir sy knegte gesê: "Trek
voor my uit na die oorkant, en
julle moet tussen trop en trop
'n ruimte los."[h] **17** Verder het
hy die eerste een beveel en ge-
sê: "As my broer Esau jou teë-
kom en jou soos volg vra: 'Aan
wie behoort jy, en waarheen
gaan jy en aan wie behoort dié
hier voor jou?' **18** dan moet
jy sê: 'Aan u kneg, aan Jakob.
Dit is 'n geskenk,[i] wat vir my
heer,[j] vir Esau, gestuur word,
en kyk! hy is self ook agter
ons.' " **19** En hy het ook die
tweede, ook die derde, ook al-
mal wat die troppe gevolg het,
beveel en gesê: "Volgens hier-
die woord moet julle met Esau
praat as julle hom teëkom.[a]
**20** En julle moet ook sê: 'Kyk,
u kneg Jakob is agter ons.' "[b]
Want hy het by homself gesê:
"Ek sal hom dalk in 'n gunsti-
ge stemming bring deur die ge-
skenk wat voor my uit gaan,[c]
en daarna sal ek sy aangesig
sien. Miskien sal hy my vrien-
delik ontvang."[d] **21** Toe het
die geskenk voor hom uit ge-
gaan na die oorkant, maar hy
het dié nag in die kamp gebly.[e]

**22** Later gedurende dié nag
het hy opgestaan en sy twee
vrouens[f] en sy twee diensmei-
sies[g] en sy elf jong seuns[h] ge-
neem en deur die Jabbokdrif[i]
getrek. **23** Toe het hy hulle
geneem en hulle oor die stroom-
vallei gebring,[j] en hy het oorge-
bring wat hy gehad het.

**24** Uiteindelik het Jakob al-
leen agtergebly. Toe het 'n man
met hom begin worstel tot dag-
breek toe.[k] **25** Toe hy sien dat
hy nie die oorhand oor hom ge-
kry het nie,[l] het hy aan die pot-
jie van sy dybeen geraak; en
die potjie van Jakob se dy-
been het uit lid geraak ty-
dens sy worsteling met hom.[m]
**26** Daarna het hy gesê: "Laat
my gaan, want die dag het ge-
breek." Hierop het hy gesê:
"Ek sal u nie laat gaan voor-
dat u my eers geseën het nie."[n]
**27** Toe het hy vir hom gesê:
"Wat is jou naam?" waarop hy
gesê het: "Jakob." **28** Daarop
het hy gesê: "Jy sal nie meer Ja-
kob genoem word nie, maar Is-
rael,[o] want jy het met God
en met mense geworstel[p] so-
dat jy uiteindelik die oorhand
gekry het." **29** En Jakob het
gevra en gesê: "Sê my asse-
blief u naam." Hy het egter ge-
sê: "Waarom vra jy my naam?"[q]
Toe het hy hom daar geseën.

**HFST. 32**
a Ge 28:15 Ps 100:5 Mi 7:20
b Ge 28:10 Ge 30:43 Ge 32:7 Ps 113:7
c Ps 34:4 Ps 107:19 2Pe 2:9
d Ge 27:41 Ps 112:8 Spr 18:19
e Ge 28:14 Ge 46:3 Eks 1:7 Eks 32:13 Han 7:17
f Ge 33:10 Spr 18:16 Ro 12:20
g Ge 30:43
h Ge 33:8 Mt 10:16
i Ge 32:13 1Sa 25:27
j Ge 33:8 Lu 14:32

**Tweede kol.**
a Spr 13:17
b Spr 25:13
c Ge 43:11 1Sa 25:18 Spr 17:8
d Ps 133:1 Spr 6:3
e Ge 32:13
f Ge 29:30 Rut 4:11
g Ge 30:3 Ge 30:9
h Ge 30:26
i De 3:16 Rig 11:13
j Jos 12:2
k Ho 12:3
l Ho 12:4
m Ge 32:32 2Ko 12:7
n 1Kr 4:10 Ps 115:12 Ho 12:4
o Ge 35:10 2Kn 17:34 Ps 22:23 Ps 78:71
p Ho 12:3
q Rig 13:18

**30** Jakob het die plek derhalwe
Pniël[a] genoem, want, soos hy
dit gestel het: "Ek het God van
aangesig tot aangesig gesien en
tog is my siel verlos."[b]

**31** En die son het op hom be-
gin skyn net toe hy by Pnuel
verbygaan, maar hy was mank
aan sy dy.[c] **32** Daarom eet die
kinders van Israel tot vandag
toe gewoonlik nie die sening
van die dysenuwee, wat aan die
potjie van die dybeen is nie, om-
dat hy aan die potjie van Jakob
se dybeen geraak het, by die se-
ning van die dysenuwee.[d]

**33** Na verloop van tyd het
Jakob sy oë opgeslaan en
gekyk, en daar het Esau aan-
gekom en saam met hom vier-
honderd man.[e] Gevolglik het hy
die kinders onder Lea en onder
Ragel en onder die twee diens-
meisies[f] verdeel, **2** en hy het
die diensmeisies en hulle kin-
ders eerste gesit[g] en Lea en
haar kinders ná hulle[h] en Ragel
en Josef agter hulle.[i] **3** En hy
self het voor hulle uit gegaan
en hom sewe keer na die aar-
de neergebuig totdat hy naby sy
broer gekom het.[j]

**4** En Esau het hom tege-
moetgehardloop,[k] en hy het
hom begin omhels[l] en hom om
die hals geval en hom gesoen,
en hulle het in trane uitgebars.
**5** Toe het hy sy oë opgeslaan
en die vroue en die kinders ge-
sien en gesê: "Wie het jy daar by
jou?" waarop hy gesê het: "Die
kinders met wie God u kneg be-
gunstig het."[m] **6** Daarop het
die diensmeisies vorentoe ge-
kom, hulle en hulle kinders,
en hulle neergebuig; **7** en ook
Lea het vorentoe gekom, en
haar kinders, en hulle het hul-
le neergebuig, en daarna het Jo-
sef vorentoe gekom, en Ragel,
en hulle het hulle neergebuig.[n]

**8** Hy het toe gesê: "Wat be-
doel jy met hierdie hele
kamp reisigers wat ek teëge-
kom het?"[a] Hierop het hy ge-
sê: "Om guns in die oë van
my heer te vind."[b] **9** Toe het
Esau gesê: "Ek het baie, my
broer.[c] Laat wat joune is, joune
bly." **10** Maar Jakob het gesê:
"Nee, asseblief. As ek nou guns
in u oë gevind het,[d] dan moet
u my geskenk uit my hand aan-
neem, want in ooreenstemming
met die doel daarvan het ek
u aangesig gesien asof ek God
se aangesig gesien het deur-
dat u my met welgevalle ont-
vang het.[e] **11** Neem asseblief
die geskenk wat as 'n blyk van
my seën na u toe gebring is,[f]
omdat God aan my guns betoon
het en omdat ek alles het."[g] En
hy het by hom bly aandring, so-
dat hy dit geneem het.[h]

**12** Later het hy gesê: "Laat
ons opbreek en verder trek,
en laat ek voor jou uit trek."
**13** Maar hy het vir hom gesê:
"My heer weet dat die kinders
delikaat is en dat daar sogende
skape en beeste onder my sorg
is,[i] en as hulle hulle net een dag
te vinnig aandryf, dan sal die
hele kudde beslis doodgaan.[j]
**14** Laat my heer asseblief voor
sy kneg uit trek, maar laat my
die reis op my gemak voort-
sit volgens die pas van die vee[k]
wat voor my is en volgens die
pas van die kinders[l] totdat ek
by my heer in Seïr[m] sal kom."
**15** Toe het Esau gesê: "Laat my
asseblief party van die mense
wat by my is, tot jou beskik-
king stel." Hierop het hy ge-
sê: "Waarom dan? Laat my guns
in die oë van my heer vind."[n]
**16** So het Esau dié dag op sy
pad na Seïr teruggegaan.

**17** En Jakob het na Sukkot[o]
weggetrek, en hy het vir hom 'n

**HFST. 32**
a Rig 8:8; 1Kn 12:25
b Ge 16:7; Ge 16:13; Rig 6:22; Joh 1:18
c Ge 32:25
d Job 10:11

**HFST. 33**
e Ge 14:14; Ge 32:6
f Ge 32:22
g Ge 30:7; Ge 30:12
h Ge 30:19
i Ge 30:22
j Spr 6:3; Lu 14:11
k Ge 27:44
l Pr 3:5
m Ge 32:22; Ps 127:3
n Ge 33:2

**Tweede kol.**
a Ge 32:16
b Ge 32:5; Ge 33:15; Spr 18:16
c Ge 36:7
d Ge 47:29
e Ge 32:11; Ge 32:20; Job 33:26
f Ge 32:13; Spr 18:16
g Ge 30:43; Heb 13:5
h Han 16:15
i Ge 31:17; Jes 40:11
j Spr 12:10
k Spr 12:10
l Jes 40:11; Ro 15:1
m Ge 27:39; Ge 32:3
n Ge 34:11; Rut 2:13
o Jos 13:27; 1Kn 7:46; Ps 60:6

huis gebou, en vir sy troppe het
hy skuilings gemaak.[a] Daarom
het hy die plek Sukkot genoem.
18 Na verloop van tyd het
Jakob heeltemal veilig by die
stad Sigem[b] aangekom, wat
in die land Kanaän[c] is, ter-
wyl hy van Paddan-Aram[d] af
gekom het; en hy het voor die
stad kamp opgeslaan. 19 Toe
het hy 'n stuk van die veld
waar hy sy tent opgeslaan het,
vir honderd geldstukke verkry
uit die hand van die seuns van
Hemor, die vader van Sigem.[e]
20 Daarna het hy 'n altaar daar
opgerig en dit genoem: God, die
God van Israel.[f]

**34** En Dina, die dogter van
Lea,[g] wat sy vir Jakob
gebaar het, het gewoonlik uit-
gegaan om die dogters van die
land[h] te besoek.[i] 2 En Sigem,
die seun van Hemor, die He-
wiet,[j] 'n owerste van die land,
het haar gesien en haar toe ge-
neem en by haar gaan lê en
haar onteer.[k] 3 En sy siel het
Dina, die dogter van Jakob, be-
gin aankleef, en hy het ver-
lief geraak op die jong vrou
en het oorredend met die jong
vrou bly praat. 4 Uiteindelik
het Sigem vir sy vader Hemor
gesê:[l] "Kry vir my hierdie jong
dame as vrou."[m]
5 En Jakob het gehoor dat
hy sy dogter Dina verontreinig
het. En sy seuns was met sy
kudde in die veld;[n] en Jakob
het stilgebly totdat hulle inge-
kom het.[o] 6 Later het Hemor,
Sigem se vader, na Jakob toe
gegaan om met hom te praat.[p]
7 En die seuns van Jakob het
van die veld af ingekom die
oomblik toe hulle dit hoor; en
die manne het gekrenk gevoel
en hulle het baie kwaad ge-
word,[q] want hy het 'n skande-
like dwaasheid teen Israel be-
gaan deur by Jakob se dogter te
gaan lê,[a] terwyl so iets glad nie
gedoen behoort te word nie.[b]
8 En Hemor het met hul-
le gepraat en gesê: "Wat my
seun Sigem betref, sy siel is
geheg aan julle dogter.[c] Gee
haar asseblief aan hom as vrou[d]
9 en gaan huweliksverbintenis-
se met ons aan.[e] Julle dog-
ters moet julle aan ons gee, en
ons dogters moet julle vir jul-
le neem.[f] 10 En julle mag by
ons woon, en die land sal tot
julle beskikking wees. Woon
en dryf handel daarin en vestig
julle daarin."[g] 11 Toe het Si-
gem vir haar vader en vir haar
broers gesê: "Laat my guns in
julle oë vind, en wat julle ook
al vir my sal sê, dit sal ek gee.
12 Maak die bruidsprys en ge-
skenk wat my opgelê word baie
hoog,[h] en ek is bereid om te gee
volgens wat julle vir my sê; gee
my net die jong dame as vrou."
13 En Jakob se seuns het Si-
gem en sy vader Hemor met be-
drog begin antwoord, en hulle
het so gespreek omdat hy hul-
le suster Dina verontreinig het.[i]
14 En hulle het vir hulle ge-
sê: "Ons kan onmoontlik so iets
doen, om ons suster aan 'n man
te gee wat 'n voorhuid het,[j]
want dit is 'n smaad vir ons.
15 Ons kan net op hierdie voor-
waarde met julle instem, dat jul-
le soos ons word, deurdat almal
wat manlik is onder julle, besny
word.[k] 16 Dan sal ons beslis
ons dogters aan julle gee, en jul-
le dogters sal ons vir ons neem,
en ons sal beslis by julle woon
en een volk word.[l] 17 Maar as
julle nie na ons luister om besny
te word nie, dan sal ons ons dog-
ter neem en gaan."
18 En hulle woorde was goed
in die oë van Hemor en in die
oë van Sigem, Hemor se seun,[m]

**HFST. 33**
a Heb 11:9
b Ge 37:14; Jos 24:1
c Ge 10:19; Ge 12:6
d Ge 25:20; Ge 28:6
e Jos 24:32; Han 7:16
f Ge 35:1; Ge 35:7

**HFST. 34**
g Ge 30:21; Ge 46:15
h Ge 26:35; Ge 27:46
i 1Kn 11:2; 1Ko 15:33; 2Ko 6:14
j De 7:1; 1Kr 1:15
k Ge 6:2; Ge 34:26; De 22:29; 2Sa 13:14; 1Ko 6:18
l Ge 33:19
m Ge 21:21; Rig 14:2
n Ge 37:13
o Ps 39:1; Pr 3:7
p De 7:3; Ne 13:25
q Ps 37:8; Jak 1:20

**Tweede kol.**
a De 22:21; 2Sa 13:22
b Heb 13:4
c De 21:11
d Eks 22:16
e Eks 34:12; Jos 23:12; Esr 9:14
f Ge 24:3; De 7:3; 1Kn 11:2; 1Ko 7:39
g Ge 42:34; Lu 19:15
h Ge 24:53; 1Sa 18:25; Ho 3:2
i Spr 6:18; Spr 16:29; Spr 26:26; Mr 7:22
j Ge 17:12; Ro 4:11
k Ge 17:10; Eks 12:48
l Spr 4:24
m Ge 33:19; Ge 34:2

**19** en die jong man het nie ge-
talm om aan die voorwaarde te
voldoen nie,[a] want hy het behae
gehad in Jakob se dogter en hy
was die mees geëerde[b] van die
hele huis van sy vader.[c]

**20** Toe het Hemor en sy seun
Sigem na die poort van hul-
le stad gegaan en met die man-
ne van hulle stad begin praat[d]
en gesê: **21** “Hierdie manne
is vredeliewend teenoor ons.[e]
Laat hulle derhalwe in die land
woon en daarin handel dryf,
aangesien die land heel uitge-
strek voor hulle lê.[f] Hulle dog-
ters kan ons vir ons as vrou-
ens neem en ons dogters kan
ons aan hulle gee.[g] **22** Net op
hierdie voorwaarde sal die man-
ne met ons instem om by ons
te woon, om een volk te word,
dat almal wat manlik is onder
ons, besny word net soos hulle
besny is.[h] **23** Hulle besittings
en hulle rykdom en al hulle vee,
sal dit dan nie ons s’n wees nie?[i]
Laat ons net met hulle instem,
sodat hulle by ons kan woon.”[j]
**24** Toe het almal wat deur die
poort van sy stad uitgaan, na
Hemor en sy seun Sigem geluis-
ter, en almal wat manlik was, is
besny, almal wat deur die poort
van sy stad uitgaan.

**25** Maar op die derde dag,
toe hulle in pyn was,[k] het die
twee seuns van Jakob, Si′meon
en Levi,[l] broers van Dina,[m] elk-
een sy swaard geneem en, son-
der dat iemand iets vermoed
het, na die stad gegaan en almal
wat manlik is, doodgemaak.[n]
**26** En hulle het Hemor en sy
seun Sigem met die skerpte
van die swaard doodgemaak.[o]
Toe het hulle Dina uit Sigem
se huis geneem en uitgegaan.[p]
**27** Die ander seuns van Jakob
het die dodelik gewonde man-
ne oorval en die stad geplunder,
omdat hulle hulle suster veront-
reinig het.[a] **28** Hulle kleinvee
en hulle beeste en hulle esels en
wat in die stad was en wat in
die veld was, het hulle geneem.[b]
**29** En al hulle middele vir le-
wensonderhoud en al hulle kin-
dertjies en hulle vrouens het
hulle gevange weggevoer, sodat
hulle alles geplunder het wat in
die huise was.[c]

**30** Hierop het Jakob vir Si′-
meon en vir Levi[d] gesê: “Julle
het my ’n verstoteling gemaak
deur my ’n stank vir die in-
woners van die land te maak,[e]
by die Kanaäniete en die Peris-
siete; maar ek is min in getal,[f]
en hulle sal hulle beslis teen
my versamel en my aanval, en
ek sal verdelg word, ek en my
huis.” **31** Toe het hulle gesê:
“Behoort enigiemand ons sus-
ter soos ’n prostituut te behan-
del?”[g]

**35** Daarna het God vir Ja-
kob gesê: “Staan op, trek
op na Bet-El en woon daar,[h] en
bou daar ’n altaar vir die ware
God wat aan jou verskyn het
toe jy vir jou broer Esau gevlug
het.”[i]

**2** Toe het Jakob vir sy huis
en vir almal wat by hom was,
gesê: “Verwyder die vreemde
gode wat in julle midde is[j] en
reinig julle en trek ander man-
tels aan,[k] **3** en laat ons op-
staan en na Bet-El optrek. En
daar sal ek ’n altaar bou vir die
ware God wat my geantwoord
het op die dag van my benoud-
heid[l] deurdat hy met my was op
die weg wat ek gegaan het.”[m]
**4** Toe het hulle al die vreem-
de gode[n] wat in hulle hande was
en die oorringe wat aan hulle
ore was, aan Jakob gegee, en Ja-
kob het dit weggesteek[o] onder
die groot boom wat naby Sigem
was.

**HFST. 34**
a Ge 34:15
b Mi 7:4
c 1Sa 22:14
d Ge 23:10, Rut 4:1, Sag 8:16
e Spr 14:15
f Ge 13:9
g Ge 34:9, De 7:3, Esr 9:1
h Ge 17:11
i Spr 23:4, 1Ti 6:9
j Ps 35:20
k Jos 5:8
l Ge 49:5
m Ge 46:15
n Ge 49:6, Ge 49:7, Ps 140:2, Mi 2:1
o 2Sa 2:26
p Ge 34:2

**Tweede kol.**
a Ge 34:2
b Nu 31:11
c De 2:35, De 20:14, Jos 8:2
d Ge 49:5
e Eks 5:21, Spr 11:17
f De 7:1
g 2Sa 13:32

**HFST. 35**
h Ge 28:19, Ge 31:13
i Ge 27:43
j Ge 31:19, De 5:7, Jos 23:7, 1Ko 10:14
k Eks 19:10
l Ge 28:13, Ps 46:1
m Ge 28:20, Ge 31:42, Spr 3:6, Jes 43:2
n Jos 24:23, 1Jo 5:21
o De 7:25

**5** Daarna het hulle wegge-
trek, en die skrik van God het
op die stede gekom wat rond-
om hulle was,[a] sodat hulle nie
die seuns van Jakob agternage-
sit het nie. **6** Uiteindelik het
Jakob in Lus[b] aangekom, wat
in die land Kanaän is, dit wil
sê Bet-El, hy en al die mense
wat by hom was. **7** Toe het
hy ’n altaar daar gebou en die
plek El-Bet-El begin noem, om-
dat die ware God hom daar aan
hom geopenbaar het toe hy vir
sy broer gevlug het.[c] **8** Later
het Debo′ra,[d] die versorgster
van Rebekka, gesterf en is sy
aan die voet van Bet-El onder
’n groot boom begrawe. Hy het
dit derhalwe Allon-Ba′kut ge-
noem.

**9** God het toe weer eens aan
Jakob verskyn by sy koms uit
Paddan-Aram[e] en hom geseën.[f]
**10** En God het vir hom gesê:
“Jou naam is Jakob.[g] Jy sal nie
meer Jakob genoem word nie,
maar Israel sal jou naam word.”
En hy het hom Israel begin
noem.[h] **11** En God het ver-
der vir hom gesê: “Ek is God
die Almagtige.[i] Wees vrugbaar
en word baie. Nasies en ’n ver-
sameling van nasies sal uit jou
kom, en konings sal uit jou len-
dene voortkom.[j] **12** Wat die
land betref wat ek aan Abra-
ham en aan Isak gegee het, aan
jou sal ek dit gee, en aan jou
saad[k] ná jou sal ek die land
gee.”[l] **13** Daarna het God van
hom af opgevaar by die plek
waar hy met hom gepraat het.[m]

**14** Gevolglik het Jakob ’n pi-
laar opgerig op die plek waar hy
met hom gepraat het,[n] ’n klip-
pilaar, en hy het ’n drankoffer
daarop uitgegiet en olie daar-
op gegooi.[o] **15** En Jakob het
die plek waar God met hom ge-
praat het, Bet-El bly noem.[p]

**16** Toe het hulle van Bet-El
af weggetrek. En terwyl daar
nog ’n goeie ent pad was om
by Efrat[a] te kom, het Ragel
geboorte gegee, en sy het dit
moeilik gehad by die bevalling.[b]
**17** Maar terwyl sy swaar ge-
kry het by die bevalling, het die
vroedvrou vir haar gesê: “Moe-
nie bang wees nie, want jy sal
ook hierdie seun hê.”[c] **18** En
die gevolg was dat sy hom, ter-
wyl haar siel[d] uitgegaan het
(want sy het gesterf),[e] Ben-
Oni genoem het; maar sy vader
het hom Benjamin[f] genoem.
**19** So het Ragel gesterf, en sy
is begrawe op pad na Efrat, dit
wil sê Betlehem.[g] **20** Jakob
het derhalwe ’n pilaar op haar
graf opgerig. Dit is tot van-
dag toe die pilaar van Ragel se
graf.[h]

**21** Daarna het Israel wegge-
trek en sy tent ’n ent ander-
kant die Edertoring[i] opgeslaan.
**22** En terwyl Israel in daardie
land gewoon het,[j] het Ruben
op ’n keer by Bilha, sy vader
se byvrou, gaan lê, en Israel het
daarvan te hore gekom.[k]

En die seuns van Jakob was
twaalf. **23** Die seuns by Lea
was Jakob se eersgeborene Ru-
ben[l] en Si′meon en Levi en
Juda en Is′saskar en Se′bulon.
**24** Die seuns by Ragel was Jo-
sef en Benjamin. **25** En die
seuns by Bilha, Ragel se diens-
meisie, was Dan en Naf′tali.
**26** En die seuns by Silpa, Lea se
diensmeisie, was Gad en Aser.
Dit is Jakob se seuns wat vir
hom in Paddan-Aram gebore is.

**27** Jakob het eindelik by sy
vader Isak in Mamre[m] gekom,
by Kirjat-Arba,[n] dit wil sê He-
bron, waar Abraham en ook
Isak as vreemdelinge gewoon
het.[o] **28** En die dae van Isak
was honderd-en-tagtig jaar.[p]

**HFST. 35**
a Eks 1:12, Eks 23:27, De 11:25, Jos 2:9, Ps 14:5
b Ge 28:19
c Ge 28:22
d Ge 24:59
e Ge 25:20
f Ho 12:4
g Ge 25:26, Ge 27:36
h Ge 32:28, 1Kn 18:31
i Ge 17:1, Eks 6:3, 2Ko 6:18, Op 15:3
j Ge 17:5, Ge 48:4, Mr 15:32, Joh 12:13
k Ga 3:16
l Ge 15:18, De 34:4
m Rig 13:20, Lu 24:31
n Ge 31:52, Rig 9:6
o Ge 28:18
p Ge 28:19

**Tweede kol.**
a Ge 48:7, Mi 5:2, Mt 2:6
b Ge 3:16
c Ge 30:24, 1Sa 4:20
d Ge 2:7
e Ps 146:4, Pr 9:5
f Ge 46:21, Ge 49:27, De 33:12
g Ge 48:7
h 1Sa 10:2
i Mi 4:8
j Ge 14:13, 2Sa 7:6
k Ge 49:4, Le 18:8, 1Kr 5:1, 1Ko 5:1
l Ge 49:3
m Ge 31:18
n Ge 23:2
o Ge 15:13, Eks 6:4, Eks 23:9, Han 7:6, Heb 11:9
p Ge 25:20, Ge 25:26

**29** Daarna het Isak die laas-
te asem uitgeblaas en gesterf
en is hy tot sy volk versamel,
oud en versadig van dae,[a] en sy
seuns Esau en Jakob het hom
begrawe.[b]

**36** En dit is die geskiede-
nis van Esau, dit wil sê
Edom.[c]

**2** Esau het sy vrouens uit die
dogters van Kanaän[d] geneem:
Ada,[e] die dogter van Elon, die
Hetiet,[f] en Oholiba′ma,[g] die dog-
ter van Ana, die kleindogter
van Si′beon, die Hewiet, **3** en
Basmat,[h] Is′mael se dogter, die
suster van Ne′bajot.[i]

**4** En Ada het vir Esau E′li-
fas gebaar, en Basmat het Re′-
huel gebaar,

**5** en Oholiba′ma het Jeüs en
Jalam en Korag[j] gebaar.

Dit is die seuns van Esau wat
vir hom in die land Kanaän ge-
bore is. **6** Daarna het Esau sy
vrouens en sy seuns en sy dog-
ters en al die siele van sy huis
en sy kudde en al sy ander diere
en al sy rykdom,[k] wat hy in die
land Kanaän versamel het, ge-
neem en na ’n land getrek, weg
van sy broer Jakob af,[l] **7** om-
dat hulle besittings te groot ge-
word het vir hulle om byme-
kaar te woon, en die land van
hulle vreemdelingskap kon hul-
le as gevolg van hulle kuddes
nie dra nie.[m] **8** Daarom het
Esau in die bergstreek Seïr[n]
gaan woon. Esau is Edom.[o]

**9** En dit is die geskiedenis
van Esau, die vader van Edom,
in die bergstreek Seïr.[p]

**10** Dít is die name van die
seuns van Esau: E′lifas, die
seun van Ada, Esau se vrou;
Re′huel, die seun van Basmat,
Esau se vrou.[q]

**11** En die seuns van E′lifas
was Teman,[r] Omar, Sefo en Ga-
tam en Kenas.[a] **12** En Tim-
na[b] het die byvrou geword van
E′lifas, Esau se seun. Na ver-
loop van tyd het sy vir E′li-
fas A′malek[c] gebaar. Dit is die
seuns van Ada, Esau se vrou.

**13** Dít is die seuns van Re′-
huel: Nahat en Serag, Samma
en Missa.[d] Dit was die seuns
van Basmat,[e] Esau se vrou.

**14** En dit was die seuns van
Oholiba′ma, die dogter van
Ana, die kleindogter van Si′be-
on, Esau se vrou, deurdat sy
vir Esau Jeüs en Jalam en Ko-
rag[f] gebaar het.

**15** Dít is die sjeiks[g] van die
seuns van Esau: Die seuns van
E′lifas, Esau se eersgeborene:
Sjeik Teman,[h] sjeik Omar, sjeik
Sefo, sjeik Kenas, **16** sjeik
Korag, sjeik Gatam, sjeik A′ma-
lek. Dit is die sjeiks van E′li-
fas[i] in die land Edom. Dit is die
seuns by Ada.

**17** Dít is die seuns van Re′-
huel, Esau se seun: Sjeik Nahat,
sjeik Serag, sjeik Samma, sjeik
Missa. Dit is die sjeiks van Re′-
huel in die land Edom.[j] Dit is
die seuns by Basmat, Esau se
vrou.

**18** Ten slotte is dit die seuns
van Oholiba′ma, Esau se vrou:
Sjeik Jeüs, sjeik Jalam, sjeik
Korag. Dit is die sjeiks van Oho-
liba′ma, die dogter van Ana,
Esau se vrou.

**19** Dit is die seuns van Esau,
en dit is hulle sjeiks. Hy is
Edom.[k]

**20** Dít is die seuns van Seïr,
die Horiet, die inwoners van die
land:[l] Lotan en Sobal en Si′beon
en Ana[m] **21** en Dison en Eser
en Disan.[n] Dit is die sjeiks van
die Horiete, die seuns van Seïr,
in die land Edom.

**22** En die seuns van Lotan
was Hori en Hemam; en Lotan
se suster was Timna.[o]

**HFST. 35**
a Ge 25:8; 1Kr 29:28
b Ge 49:31

**HFST. 36**
c Ge 25:30; De 23:7; Ese 25:12; Ro 9:13
d De 7:3; De 9:5; Rig 3:5
e Ge 36:10
f Ge 26:34
g Ge 36:18
h Ge 36:17
i Ge 25:13; Ge 28:9
j 1Kr 1:35
k Ge 33:9; Ob 6
l Ge 27:39; Ge 32:3
m Ge 13:6; Ge 28:4
n Ge 14:6; De 2:5
o Ge 25:30
p De 2:12; Ob 8
q 1Kr 1:35
r Ge 36:34; Ese 25:13; Ob 9

**Tweede kol.**
a Ge 36:42; 1Kr 1:36
b 1Kr 1:39
c Eks 17:8; Nu 13:29; Nu 24:20; De 25:19; 1Sa 15:8; 1Sa 30:1
d 1Kr 1:37
e Ge 26:34
f 1Kr 1:35
g Eks 15:15
h 1Kr 1:53; Job 4:1; Jer 49:20
i 1Kr 1:36
j Nu 20:23; Rig 11:18; 1Kn 9:26
k Ge 25:30; Ge 32:3; Mal 1:3
l Ge 14:6; De 2:12; De 2:22
m 1Kr 1:40
n 1Kr 1:38
o 1Kr 1:39

**23** En dít is die seuns van
Sobal: Alwan en Mana′hat en
Ebal, Sefo en Onam.
**24** En dít is die seuns van
Si′beon: Ajja en Ana. Dit is die
Ana wat die warm fonteine in
die wildernis gevind het ter-
wyl hy die esels vir sy vader
Si′beon[a] opgepas het.
**25** En dít is die kinders van
Ana: Dison en Oholiba′ma, die
dogter van Ana.
**26** En dít is die seuns van
Dison: Hemdan en Esban en
Jitran en Keran.[b]
**27** Dít is die seuns van Eser:
Bilhan en Sa′äwan en Akan.
**28** Dít is die seuns van Di-
san: Us en Aran.[c]
**29** Dít is die sjeiks van die
Horiete: Sjeik Lotan, sjeik So-
bal, sjeik Si′beon, sjeik Ana,
**30** sjeik Dison, sjeik Eser, sjeik
Disan.[d] Dit is die sjeiks van die
Horiete volgens hulle sjeiks in
die land Seïr.
**31** En dit is die konings wat
in die land Edom regeer het[e]
voordat enige koning oor die
kinders van Israel regeer het.[f]
**32** En Bela, die seun van Beor,
het in Edom regeer,[g] en die
naam van sy stad was Dinha′-
ba. **33** Toe Bela sterf, het Jo-
bab, die seun van Serag, uit
Bosra,[h] in sy plek begin re-
geer.[i] **34** Toe Jobab sterf, het
Husam, uit die land van die
Temaniete,[j] in sy plek begin
regeer.[k] **35** Toe Husam sterf,
het Hadad, die seun van Be-
dad, wat die Midianiete[l] in die
gebied van Moab[m] verslaan het,
in sy plek begin regeer, en die
naam van sy stad was Awit.[n]
**36** Toe Hadad sterf, het Samla,
uit Mas′reka, in sy plek begin
regeer.[o] **37** Toe Samla sterf,
het Saul, uit Re′hobot aan die
Rivier, in sy plek begin regeer.[p]
**38** Toe Saul sterf, het Baäl-Ha-
nan, die seun van Akbor, in
sy plek begin regeer.[a] **39** Toe
Baäl-Hanan, die seun van Ak-
bor, sterf, het Hadar in sy plek
begin regeer; en die naam van
sy stad was Pahu, en die naam
van sy vrou was Meheta′bel, die
dogter van Matred, die dogter
van Me′sahab.[b]
**40** En dít is die name van
die sjeiks van Esau volgens hul-
le families, volgens hulle plek-
ke, volgens hulle name: Sjeik
Timna, sjeik Alwa, sjeik Jetet,[c]
**41** sjeik Oholiba′ma, sjeik
Ela, sjeik Pinon,[d] **42** sjeik Ke-
nas, sjeik Teman, sjeik Mibsar,[e]
**43** sjeik Mag′diël, sjeik Iram.
Dit is die sjeiks van Edom[f] vol-
gens hulle woonplekke in die
land van hulle besitting.[g] Dit is
Esau, die vader van Edom.[h]

**37** En Jakob het gewoon in
die land van die vreem-
delingskap van sy vader,[i] in die
land Kanaän.[j]
**2** Dit is die geskiedenis van
Jakob.
Toe Josef[k] sewentien jaar
oud was, het hy saam met sy
broers skape opgepas onder
die kleinvee,[l] en omdat hy nog
maar ’n seun was, was hy saam
met die seuns van Bilha[m] en die
seuns van Silpa,[n] die vrouens
van sy vader. En Josef het ’n
slegte berig oor hulle na sy va-
der gebring.[o] **3** En Israel het
Josef liewer gehad as al sy ander
seuns,[p] omdat hy die seun van
sy oudag was; en hy het vir hom
’n lang, gestreepte, hempagtige
kleed laat maak.[q] **4** Toe sy
broers sien dat hulle vader hom
liewer het as al sy broers, het
hulle hom begin haat,[r] en hulle
kon nie op vreedsame wyse met
hom praat nie.[s]
**5** Later het Josef ’n droom
gehad en dit vir sy broers ver-
tel,[t] en hulle het nog meer rede

**HFST. 36**
a Ge 36:2
b 1Kr 1:41
c 1Kr 1:42
d 1Kr 1:38
e Nu 20:14
f De 17:14 De 17:15 1Sa 10:19
g 1Kr 1:43
h Jes 34:6 Jer 49:13
i 1Kr 1:44
j Job 2:11
k 1Kr 1:45
l Ge 25:2 Eks 2:15 Nu 31:2
m Rut 1:1
n 1Kr 1:46
o 1Kr 1:47
p 1Kr 1:48

**Tweede kol.**
a 1Kr 1:49
b 1Kr 1:50
c 1Kr 1:51
d 1Kr 1:52
e 1Kr 1:53
f 1Kr 1:54
g De 2:5
h Ge 25:30 Ge 36:8

**HFST. 37**
i Ge 23:4 Ge 28:4 Heb 11:9
j Ge 17:8
k Ge 30:25 Ge 46:19
l Ge 47:3
m Ge 35:25
n Ge 35:26
o Le 5:1 1Sa 2:24 Joh 7:7
p 1Kr 2:1
q Ge 37:32
r Spr 14:30 Spr 27:4
s Ga 5:20 Tit 3:3
t Ge 37:19

gevind om hom te haat. **6** En
hy het vir hulle gesê: “Luister
asseblief na hierdie droom wat
ek gedroom het.[a] **7** Wel, ons
het in die middel van die land
gerwe gebind toe my gerf op-
staan en ook regop bly staan,
en kyk, julle gerwe het rond-
om gaan staan en hulle voor
my gerf neergebuig.”[b] **8** En
sy broers het vir hom begin sê:
“Gaan jy vir seker koning oor
ons wees?[c] of: Gaan jy vir seker
oor ons heers?”[d] Toe het hul-
le opnuut rede gevind om hom
te haat oor sy drome en oor sy
woorde.

**9** Daarna het hy nog ’n an-
der droom gehad, en hy het
dit vir sy broers vertel en ge-
sê: “Kyk, ek het weer eens ’n
droom gehad, en kyk, die son
en die maan en elf sterre het
hulle voor my neergebuig.”[e]
**10** Toe het hy dit vir sy vader
sowel as sy broers vertel, en sy
vader het hom bestraf en vir
hom gesê:[f] “Wat beteken hier-
die droom wat jy gedroom het?
Gaan ek en ook jou moeder en
jou broers vir seker kom en
ons voor jou na die aarde neer-
buig?” **11** En sy broers het ja-
loers geword op hom,[g] maar sy
vader het die woorde bewaar.[h]

**12** Sy broers het toe gegaan
om die kleinvee van hulle va-
der naby Sigem[i] te laat wei.
**13** Na verloop van tyd het Is-
rael vir Josef gesê: “Jou broers
pas die kleinvee naby Sigem
op, nie waar nie? Kom, en laat
ek jou na hulle toe stuur.”
Waarop hy vir hom gesê het:
“Hier is ek!”[j] **14** Toe het hy
vir hom gesê: “Gaan asseblief.
Kyk of dit goed gaan met jou
broers en of dit goed gaan met
die kleinvee, en bring vir my
berig terug.”[k] Daarop het hy
hom uit die laagvlakte van He-
bron[a] weggestuur, en hy het in
die rigting van Sigem gegaan.
**15** Later het ’n man hom ge-
vind, en kyk, hy het in die veld
rondgedwaal. Toe het die man
hom gevra en gesê: “Wat soek
jy?” **16** Hierop het hy gesê:
“Ek soek my broers. Sê my asse-
blief: Waar pas hulle die klein-
vee op?” **17** En die man het
verder gesê: “Hulle het hiervan-
daan weggetrek, want ek het
hulle hoor sê: ‘Laat ons na Do-
tan gaan.’ ” Toe het Josef agter
sy broers aan gegaan en hulle
by Dotan gevind.

**18** Wel, hulle het hom van
ver af gesien, en voordat hy
naby hulle kon kom, het hul-
le listig teen hom begin saam-
sweer om hom dood te maak.[b]
**19** En hulle het vir mekaar ge-
sê: “Kyk! Hier kom daardie dro-
mer.[c] **20** En kom nou en laat
ons hom doodmaak en in een
van die waterputte gooi;[d] en
ons sal sê dat ’n wrede wilde
dier hom verslind het.[e] Laat
ons dan sien wat van sy drome
sal word.” **21** Toe Ruben dit
hoor, het hy hom uit hulle hand
probeer verlos.[f] Daarom het hy
gesê: “Laat ons sy siel nie dood-
slaan nie.”[g] **22** En Ruben het
verder vir hulle gesê: “Moenie
bloed vergiet nie.[h] Gooi hom in
hierdie waterput wat in die wil-
dernis is en moenie die hand
aan hom slaan nie.”[i] Sy bedoe-
ling was om hom uit hulle hand
te verlos sodat hy hom na sy va-
der toe kon terugbring.

**23** En toe Josef by sy broers
kom, het hulle Josef se lang
kleed uitgetrek, ja, die lang, ge-
streepte kleed wat hy aangehad
het;[j] **24** waarna hulle hom ge-
neem en in die waterput gegooi
het.[k] Die put was toe leeg; daar
was geen water in nie.

HFST. 37
a Nu 12:6
b Ge 42:6 Ge 42:9
c Ge 45:8
d Ge 49:26
e Ge 44:14 Ge 45:9
f Spr 17:10 Pr 7:5
g Spr 14:30 Han 7:9 Jak 3:14
h Da 7:28 Lu 2:19
i Ge 33:18
j 1Sa 3:4 Jes 6:8
k 1Sa 17:17 Spr 15:30

Tweede kol.
a Ge 23:19 Ge 35:27
b Ps 37:14 Ps 94:21 Spr 6:17 Mt 15:19
c Ge 37:5
d Ps 64:5 Spr 1:11 Spr 27:4
e Ge 31:39 Eks 22:13
f Ps 97:10 Da 3:17
g Ge 9:5 Eks 20:13 Le 24:17 1Jo 3:15
h Ge 4:10 Ge 42:22 Spr 6:17
i Ge 42:21 Ps 37:8 Jer 22:3
j Ge 37:3
k Ps 69:8

25 Daarna het hulle gaan sit
om brood te eet.[a] Toe hulle hul-
le oë opslaan en kyk, was daar
’n karavaan Ismaeliete[b] wat
uit Gi′lead gekom het, en hul-
le kamele het labdanum en bal-
sem en harsagtige bas[c] gedra,
op pad om dit na Egipte af te
neem. 26 Hierop het Juda vir
sy broers gesê: “Van watter nut
sou dit wees as ons ons broer
doodmaak en sy bloed bedek?[d]
27 Kom en laat ons hom aan
die Ismaeliete verkoop,[e] en laat
ons hand nie teen hom wees
nie.[f] Hy is darem ons broer, ons
vlees.” Toe het hulle na hulle
broer geluister.[g] 28 En man-
ne, Midianitiese koopmanne,[h]
het verbygekom. Hulle het Jo-
sef derhalwe uit die waterput
opgetrek en uitgelig[i] en Josef
toe aan die Ismaeliete vir twin-
tig silwerstukke verkoop.[j] Hul-
le het Josef uiteindelik na Egip-
te gebring.

29 Later het Ruben na die
waterput teruggekeer, en kyk,
Josef was nie in die waterput
nie. Daarop het hy sy klere ge-
skeur.[k] 30 Toe hy weer by sy
ander broers kom, het hy uitge-
roep: “Die kind is weg! En ek
—waarheen moet ek dan tog
gaan?”[l]

31 Hulle het egter Josef se
lang kleed geneem en ’n bok-
ram geslag en die lang kleed
herhaaldelik in die bloed ge-
doop.[m] 32 Daarna het hulle
die lang, gestreepte kleed ge-
stuur en dit na hulle vader laat
bring en gesê: “Dit is wat ons
gevind het. Ondersoek[n] asse-
blief of dit u seun se lang kleed
is of nie.”[o] 33 En hy het dit
ondersoek en uitgeroep: “Dit is
my seun se lang kleed! ’n Boos-
aardige wilde dier moes hom
verslind het![p] Josef is sekerlik
verskeur!”[q] 34 Daarop het Ja-
kob sy mantels geskeur en sak-
linne om sy heupe gesit en
baie dae oor sy seun getreur.[a]
35 En al sy seuns en al sy dog-
ters het bly opstaan om hom te
troos,[b] maar hy het deurentyd
geweier om hom te laat troos en
gesê:[c] “Want ek sal treurende
na my seun in Sjeool afdaal!” En
sy vader het oor hom bly huil.

36 Die Midianiete het hom
egter na Egipte verkoop aan
Po′tifar, ’n hofbeampte van Fa-
rao,[d] die hoof van die lyfwag.[e]

**38** En intussen het Juda af-
getrek, weg van sy broers
af, en sy tent naby ’n man, ’n
Adullamiet,[f] opgeslaan, en sy
naam was Hira. 2 En daar het
Juda ’n dogter van ’n sekere
Kanaäniet[g] gesien, en sy naam
was Sua. Toe het hy haar ge-
neem en met haar gemeenskap
gehad. 3 En sy het swanger
geword. Later het sy ’n seun
gebaar, en hy het hom Er[h] ge-
noem. 4 Sy het weer swanger
geword. Na verloop van tyd het
sy ’n seun gebaar en hom Onan
genoem. 5 En sy het weer
eens ’n seun gebaar en hom toe
Sela genoem. En hy was in Ag-
sib toe sy hom gebaar het.[i]

6 Na verloop van tyd het
Juda vir Er, sy eersgeborene,
’n vrou geneem, en haar naam
was Tamar.[j] 7 Maar Er, Juda
se eersgeborene, was sleg in
die oë van Jehovah;[k] daarom
het Jehovah hom doodgemaak.[l]
8 Gevolglik het Juda vir Onan
gesê: “Hou gemeenskap met jou
broer se vrou en sluit ’n swa-
ershuwelik met haar en ver-
wek vir jou broer ’n nageslag.”[m]
9 Maar Onan het geweet dat
die nageslag nie syne sou word
nie;[n] en wanneer hy met sy
broer se vrou gemeenskap ge-
had het, het hy sy saad op

HFST. 37
a Am 6:6
b Ge 25:12
c Ge 43:11, Eks 25:6
d Ge 4:10, Eks 21:14
e Eks 21:16, Ne 5:8, Han 7:9
f Jer 22:3
g Spr 12:15
h Ge 25:2
i Jer 38:13
j Ge 40:15, Ge 45:4, De 24:7, Ps 105:17
k Ge 44:13, Han 14:14
l Ge 49:3
m Spr 28:17
n Ge 38:25, Nu 35:24
o Ge 37:3, 1Ti 5:24
p Ge 44:28
q Eks 22:13, 2Kn 2:24

Tweede kol.
a 2Sa 1:11, Job 1:20
b 1Te 5:14
c Ps 77:2, Mt 2:18
d Ge 39:1
e Ge 40:3

HFST. 38
f Jos 12:15, 1Sa 22:1
g Ge 24:3, Ge 28:1
h Nu 26:19
i Jos 19:29, Rig 1:31
j Mt 1:3
k De 21:20, Ga 5:19, 1Pe 3:12
l 2Sa 6:7, Han 12:23
m De 25:5, De 25:6, Rut 1:11, Mt 22:24
n Rut 4:6

die grond gestort om vir sy
broer geen nageslag te gee nie.[a]
**10** En wat hy gedoen het, was
sleg in die oë van Jehovah;[b]
daarom het hy hom ook dood-
gemaak.[c] **11** Toe het Juda vir
Tamar, sy skoondogter, gesê:
“Woon as ’n weduwee in die
huis van jou vader totdat my
seun Sela groot is.”[d] Want hy
het by homself gesê: “Dalk sterf
hy ook soos sy broers.”[e] Gevolg-
lik het Tamar gegaan en in haar
vader se huis gewoon.[f]

**12** So het die dae baie ge-
word, en die dogter van Sua,
Juda se vrou,[g] het gesterf; en
Juda het die routyd gehou.[h]
Daarna het hy na die skeer-
ders van sy skape opgegaan,
na Timna,[i] hy en sy metgesel
Hira, die Adullamiet.[j] **13** Toe
is daar vir Tamar gesê: “Kyk,
jou skoonvader gaan op na Tim-
na om sy skape te skeer.”[k]
**14** Daarop het sy die klere van
haar weduweeskap uitgetrek
en haar met ’n tjalie bedek en
haarself versluier en by die in-
gang van Ena′im gaan sit, wat
op die pad na Timna lê. Want
sy het gesien dat Sela grootge-
word het, en tog is sy nie as
vrou aan hom gegee nie.[l]

**15** Toe Juda haar sien, het hy
haar dadelik vir ’n hoer aange-
sien,[m] omdat sy haar gesig be-
dek het.[n] **16** Toe het hy na
haar uitgedraai by die pad en
gesê: “Laat my asseblief toe om
met jou gemeenskap te hê.”[o]
Want hy het nie geweet dat sy
sy skoondogter was nie.[p] Sy het
egter gesê: “Wat sal jy my gee
sodat jy met my gemeenskap
kan hê?”[q] **17** Hierop het hy
gesê: “Ek sal ’n boklam uit die
kudde stuur.” Maar sy het ge-
sê: “Sal jy ’n pand gee totdat jy
dit stuur?”[r] **18** En hy het ver-
der gesê: “Wat is die pand wat
ek jou moet gee?” waarop sy ge-
sê het: “Jou seëlring[a] en jou tou-
tjie en jou staf wat in jou hand
is.” Toe het hy dit vir haar ge-
gee en met haar gemeenskap
gehad, sodat sy by hom swan-
ger geword het. **19** Daarna
het sy opgestaan en weggegaan
en haar tjalie afgehaal en die
klere van haar weduweeskap
aangetrek.[b]

**20** En Juda het die boklam
deur die hand van sy metge-
sel, die Adullamiet,[c] gestuur om
die pand uit die hand van die
vrou terug te kry, maar hy het
haar nie gevind nie. **21** En hy
het die manne van haar plek ge-
vra en gesê: “Waar is daardie
tempelprostituut wat in Ena′im
langs die pad was?” Maar hulle
het bly sê: “Daar was nog nooit
’n tempelprostituut[d] in hier-
die plek nie.” **22** Uiteindelik
het hy na Juda toe terugge-
keer en gesê: “Ek kon haar nê-
rens kry nie, en daarbenewens
het die manne van die plek ge-
sê: ‘Daar was nog nooit ’n tem-
pelprostituut in hierdie plek
nie.’ ” **23** Toe het Juda gesê:
“Laat sy dit vir haar neem, so-
dat ons nie ’n voorwerp van ver-
agting word nie.[e] In elk geval,
ek het hierdie boklam gestuur,
maar jy—jy kon haar nêrens
kry nie.”

**24** Maar ongeveer drie
maande later is daar vir Juda
gesê: “Jou skoondogter Tamar
het haar soos ’n hoer gedra,[f] en
kyk, sy is ook swanger[g] deur
haar hoerery.” Daarop het Juda
gesê: “BRING haar uit en laat
sy verbrand word.”[h] **25** Ter-
wyl hulle haar uitgebring het,
het sy na haar skoonvader ge-
stuur en gesê: “By die man aan
wie hierdie goed behoort, is ek
swanger.”[i] En sy het bygevoeg:
“Ondersoek[j] asseblief aan wie

**HFST. 38**
a De 25:9
b Jes 65:12
c 1Kr 2:3
Ps 55:23
d Rut 1:13
Mt 22:24
e Nu 26:19
f Le 22:13
g Ge 38:2
h Nu 20:29
De 34:8
i Jos 15:10
Rig 14:1
j Ge 38:1
k 1Sa 25:4
l De 25:5
Rut 1:11
Mt 22:24
m Jer 3:2
n Spr 7:10
o 1Ko 6:18
Heb 13:4
p Ge 38:11
q De 23:18
Ese 16:33
Lu 15:30
r Spr 20:16

**Tweede kol.**
a Ge 41:42
1Kn 21:8
Est 8:8
Da 6:17
b 2Sa 14:2
c Ge 38:1
d De 23:17
e Spr 6:33
Spr 12:14
Spr 18:3
Ro 6:21
2Ko 4:2
Ef 5:12
f Ge 34:31
Nu 5:12
g Ge 19:36
2Sa 11:5
h Le 21:9
De 24:16
i Ge 38:16
Spr 18:17
1Ko 4:5
j Ge 31:32
Ge 37:32
Le 19:15

dit behoort, die seëlring en die
toutjie en die staf."[a] **26** Toe
het Juda dit ondersoek en ge-
sê:[b] "Sy is regverdiger as ek,[c]
omdat ek haar nie aan my seun
Sela gegee het nie."[d] En hy het
daarna nie weer met haar ge-
meenskap gehad nie.[e]

**27** En in die tyd dat sy moes
baar, was daar 'n tweeling in
haar moederskoot. **28** En toe
sy geboorte gee, het een sy
hand uitgesteek, en die vroed-
vrou het dadelik 'n skarlaken
draad geneem en dit om sy
hand gebind en gesê: "Hier-
die een het eerste uitgekom."
**29** En net toe hy sy hand terug-
trek, kyk, toe kom sy broer uit,
sodat sy uitgeroep het: "Wat be-
doel jy hiermee, dat jy vir jou
'n perineale skeur veroorsaak
het?" Hy is derhalwe Peres[f] ge-
noem. **30** En daarna het sy
broer uitgekom aan wie se hand
die skarlaken draad was, en hy
is Serag[g] genoem.

**39** Wat Josef betref, hy is
na Egipte afgebring,[h] en
Po′tifar,[i] 'n hofbeampte van Fa-
rao, die hoof van die lyfwag,
'n Egiptenaar, het hom gekoop
uit die hand van die Ismaelie-
te[j] wat hom daarheen afgebring
het. **2** Maar Jehovah was met
Josef, sodat hy 'n suksesvolle
man geword het,[k] en hy was oor
die huis van sy heer, die Egipte-
naar. **3** En sy heer het gesien
dat Jehovah met hom is en dat
Jehovah alles wat hy doen, in sy
hand laat slaag.

**4** En Josef het guns in sy oë
bly vind en hom voortdurend
bedien, sodat hy hom oor sy
huis aangestel het,[l] en alles wat
syne was, het hy in sy hand ge-
gee. **5** En vandat hy hom aan-
gestel het oor sy huis en oor
alles wat syne was, het Jeho-
vah die huis van die Egiptenaar
danksy Josef bly seën, en Jeho-
vah se seën was op alles wat hy
in die huis en in die veld gehad
het.[a] **6** Uiteindelik het hy al-
les wat syne was, in Josef se
hand gelaat;[b] en hy het glad nie
geweet wat by hom is nie, be-
halwe die brood wat hy eet. En
Josef het mooi van gestalte en
mooi in voorkoms geword.

**7** En ná hierdie dinge het die
vrou van sy heer haar oë[c] na Jo-
sef begin opslaan en gesê: "Kom
lê by my."[d] **8** Maar hy het ge-
weier[e] en vir sy heer se vrou ge-
sê: "Kyk, my heer weet nie wat
by my in die huis is nie, en alles
wat hy het, het hy in my hand
gegee.[f] **9** Daar is niemand in
hierdie huis groter as ek nie,
en hy het niks van my terugge-
hou nie, behalwe u, omdat u sy
vrou is.[g] Hoe kan ek dan hierdie
groot kwaad doen en in werk-
likheid teen God sondig?"[h]

**10** Terwyl sy dan dag na dag
met Josef gepraat het, het
hy nooit na haar geluister om
langs haar te gaan lê om by
haar te vertoef nie.[i] **11** Maar
op 'n dag het hy, soos op an-
der dae, in die huis ingegaan om
sy sake te behartig, en nie een
van die manne van die huis was
daar in die huis nie.[j] **12** Toe
het sy hom aan sy kleed ge-
gryp[k] en gesê: "Kom lê by my!"[l]
Maar hy het sy kleed in haar
hand gelaat en gevlug en na
buite gegaan.[m] **13** En toe sy
sien dat hy sy kleed in haar
hand laat bly het om na buite
te vlug, **14** het sy na die man-
ne van haar huis begin roep en
vir hulle gesê: "Kyk! Hy het 'n
man, 'n Hebreër, na ons toe ge-
bring om ons 'n voorwerp van
bespotting te maak. Hy het na
my toe gekom om by my te lê,

**HFST. 38**
a Ge 38:18
b Ro 2:1
c 1Sa 24:17, Job 33:27, Spr 11:6
d Ge 38:11, De 25:5, Rut 3:12
e Job 34:32
f Ge 46:12, Rut 4:12, 1Kr 2:4, Lu 3:33
g 1Kr 9:6, Mt 1:3

**HFST. 39**
h Ps 105:17, Han 7:9
i Ge 37:36
j Ge 17:20, Ge 37:25
k Ps 1:3, Ro 8:31, Heb 13:6
l Spr 14:35, Lu 12:44, 1Ko 4:2

**Tweede kol.**
a Ge 30:27, De 28:3, 2Sa 6:11
b Lu 16:10, Lu 19:17
c Mt 5:28, 2Pe 2:14
d Le 20:10, Spr 2:16, 1Ko 6:9
e Spr 1:10, Spr 5:20, Spr 22:6
f Lu 16:12, 1Ko 4:2
g Spr 6:29, Mr 10:8
h Ge 2:24, Ge 20:6, Ps 51:4, Ga 5:19, Heb 13:4
i Spr 5:3, Spr 22:14
j Job 24:15, Jer 23:24
k Pr 7:26, Jak 1:14
l 2Sa 13:11
m Spr 6:32, 1Ko 6:18, 2Ti 2:22

maar ek het so hard soos ek kon begin skreeu.[a] **15** En toe hy hoor dat ek my stem verhef en begin skreeu, het hy sy kleed langs my gelaat en gevlug en na buite gegaan.” **16** Daarna het sy sy kleed langs haar laat lê totdat sy heer by sy huis gekom het.[b]

**17** Toe het sy volgens hierdie woorde met hom gespreek en gesê: “Die Hebreeuse kneg wat jy na ons toe gebring het, het na my toe gekom om my ’n voorwerp van bespotting te maak. **18** Maar toe ek my stem verhef en begin skreeu, het hy sy kleed langs my gelaat en na buite gevlug.”[c] **19** Gevolglik het sy heer se toorn ontvlam die oomblik toe hy die woorde van sy vrou hoor wat sy met hom gespreek het deur te sê: “So en so het jou kneg aan my gedoen.”[d] **20** Toe het Josef se heer hom geneem en hom oorgelewer aan die gevangenis, die plek waar die gevangenes van die koning aangehou is, en hy het daar in die gevangenis gebly.[e]

**21** Jehovah was egter voortdurend met Josef en het steeds liefderyke goedhartigheid teenoor hom bewys en gegee dat hy guns in die oë van die hoofbeampte van die gevangenis vind.[f] **22** Daarom het die hoofbeampte van die gevangenis al die gevangenes wat in die gevangenis was, in Josef se hand gegee; en alles wat hulle daar gedoen het, het hý laat doen.[g] **23** Die hoofbeampte van die gevangenis het na absoluut niks omgesien wat in sy hand was nie, want Jehovah was met Josef, en wat hy gedoen het, het Jehovah laat slaag.[h]

**40** En ná hierdie dinge het die skinker[a] van die koning van Egipte en die bakker teen hulle heer, die koning van Egipte,[b] gesondig. **2** En Farao het toornig geword op sy twee beamptes,[c] op die hoof van die skinkers en op die hoof van die bakkers.[d] **3** Daarom het hy hulle in die tronk van die huis van die hoof van die lyfwag gesit,[e] in die gevangenis,[f] die plek waar Josef ’n gevangene was. **4** Toe het die hoof van die lyfwag Josef aangestel om by hulle te wees sodat hy hulle kon bedien;[g] en hulle het etlike dae in die tronk gebly.

**5** En hulle al twee het ’n droom gedroom,[h] elkeen sy eie droom in die een nag,[i] elkeen sy droom met sy eie uitlegging,[j] die skinker en die bakker wat aan die koning van Egipte behoort het, wat gevangenes in die gevangenis was.[k] **6** Toe Josef die oggend by hulle inkom en hulle sien, kyk, toe het hulle terneergedruk gelyk.[l] **7** En hy het die beamptes van Farao wat saam met hom in die tronk van sy heer se huis was, begin uitvra en gesê: “Waarom is julle gesig vandag somber?”[m] **8** Hierop het hulle vir hom gesê: “Ons het ’n droom gedroom, en daar is niemand by ons wat dit kan uitlê nie.” Toe het Josef vir hulle gesê: “Is uitleggings nie ’n saak van God nie?[n] Vertel dit asseblief vir my.”

**9** En die hoof van die skinkers het sy droom vir Josef vertel en vir hom gesê: “In my droom, wel, daar was ’n wingerdstok voor my. **10** En aan die wingerdstok was daar drie lote, en dit was klaarblyklik aan die bot.[o] Sy bloeisels het te voorskyn gekom. Sy trosse het hulle druiwe ryp laat word.

**HFST. 39**
a Ps 35:20, Spr 6:19, Spr 12:17
b Ps 37:12
c Eks 20:16, Spr 12:22, Spr 19:5
d De 19:15, Spr 6:34, Spr 29:12
e Ps 105:18, 1Pe 2:20, 1Pe 3:14
f Ge 40:3, Ps 105:19, Spr 16:7, Da 1:9, Han 7:9
g Ge 39:6
h Ge 49:22, Ps 1:3, Han 7:10

**Tweede kol.**

**HFST. 40**
a Ge 40:11, Ge 41:9
b Han 7:10
c Ge 41:10, Spr 16:14, Spr 19:12
d Ge 40:20
e Ge 37:36
f Ge 39:20, Ps 105:18
g Ge 39:22
h Job 33:15
i Ge 41:11
j Ge 41:12
k Ge 41:10
l Spr 15:13, Da 1:10
m Lu 24:17
n Ge 41:16, Ps 25:14, Da 2:28, Da 2:45
o Nu 13:23

**11** En Farao se beker was in my
hand, en ek het die druiwe ge-
neem en dit in Farao se beker
uitgedruk.[a] Daarna het ek die
beker in Farao se hand gegee.”[b]
**12** Toe het Josef vir hom ge-
sê: “Dít is die uitlegging daar-
van:[c] Die drie lote is drie dae.
**13** Binne drie dae sal Farao jou
kop ophef en sal hy jou be-
slis in jou amp herstel;[d] en jy
sal beslis Farao se beker in sy
hand gee, volgens die vroeëre
gebruik toe jy as sy skinker op-
getree het.[e] **14** Maar jy moet
my in gedagte hou sodra dit
met jou goed gaan,[f] en jy moet
asseblief liefderyke goedhartig-
heid aan my bewys en van my
melding maak by Farao,[g] en jy
moet my uit hierdie huis kry.
**15** Want ek is eintlik ontvoer
uit die land van die Hebreërs;[h]
en ook hier het ek hoegenaamd
niks gedoen waarvoor hulle my
in die kerker moes sit nie.”[i]

**16** Toe die hoof van die bak-
kers sien dat hy iets goeds uit-
gelê het, het hy op sy beurt
vir Josef gesê: “Ek was ook
in my droom, en kyk, daar
was drie mandjies met wit-
brood op my kop, **17** en in die
boonste mandjie was daar al-
lerhande eetgoed vir Farao,[j]
die werk van ’n bakker, en
daar was voëls[k] wat dit uit die
mandjie bo-op my kop geëet
het.” **18** Toe het Josef geant-
woord en gesê: “Dít is die uitleg-
ging daarvan:[l] Die drie mand-
jies is drie dae. **19** Binne drie
dae sal Farao jou kop van jou af
ophef en jou beslis aan ’n paal
hang;[m] en die voëls sal beslis
jou vlees van jou afeet.”[n]

**20** En op die derde dag was
dit Farao se verjaarsdag,[o] en hy
het ’n feesmaal vir al sy kneg-
te klaargemaak en die kop van
die hoof van die skinkers en die
kop van die hoof van die bak-
kers in die midde van sy knegte
opgehef.[a] **21** Gevolglik het hy
die hoof van die skinkers in sy
amp as skinker herstel,[b] en hy
het weer die beker in Farao se
hand gegee. **22** Maar die hoof
van die bakkers het hy opge-
hang,[c] net soos Josef dit vir hul-
le uitgelê het.[d] **23** Die hoof
van die skinkers het egter nie
aan Josef gedink nie en het van
hom vergeet.[e]

**41** En na verloop van twee
volle jare het Farao ge-
droom,[f] en kyk, hy het by die
Nylrivier gestaan. **2** En kyk,
uit die Nylrivier het sewe koeie
opgekom wat mooi van voor-
koms en vet van vleis was, en
hulle het in die Nylgras gaan
wei.[g] **3** En ná hulle het daar
sewe ander koeie uit die Nyl-
rivier opgekom, lelik van voor-
koms en maer van vleis,[h] en
hulle het langs die koeie op die
oewer van die Nylrivier gaan
staan. **4** Toe het die koeie wat
lelik van voorkoms en maer van
vleis was, die sewe koeie wat
mooi van voorkoms en vet was,
begin opeet.[i] Daarna het Farao
wakker geword.[j]

**5** Hy het egter weer aan die
slaap geraak en ’n tweede keer
gedroom. En kyk, sewe graan-
are het aan een stingel opge-
kom, vet en goed.[k] **6** En ná
hulle het daar sewe graanare
uitgespruit,[l] dun en deur die
oostewind verskroei.[m] **7** En
die dun graanare het die sewe
vet en vol graanare begin in-
sluk.[n] Daarna het Farao wak-
ker geword, en kyk, dit was ’n
droom.

**8** En dié oggend het sy gees
onrustig geraak.[o] Daarom het
hy gestuur en al die towerpries-
ters van Egipte[p] en al die wyse
manne[q] van die land laat roep,

**HFST. 40**
a Spr 3:10
b Ge 40:21
c Ge 41:12 Da 2:30
d Ge 40:21 Ge 41:13 Jer 52:31
e Ne 2:1
f 1Sa 25:31 Lu 23:42
g 2Sa 9:1
h Ge 14:13 Ge 37:28 Ge 41:12 Eks 21:16 Han 7:9
i Ge 39:8 Ps 105:19 Ps 119:86 Da 6:22 Joh 15:25 Heb 12:11 1Pe 3:17
j Ge 49:20 1Kr 12:40
k Ge 15:11
l Ge 41:12
m Ge 41:13 De 21:22 Jos 8:29 Jos 10:26
n 1Sa 17:44 2Sa 21:10 Jer 16:4 Ese 39:4 Op 19:17
o Pr 7:1 Mr 6:21

**Tweede kol.**
a Spr 16:14
b Ne 2:1
c Ge 41:13 Est 7:10
d Ge 40:8 Da 2:30
e Ge 40:14 Job 19:14

**HFST. 41**
f Ge 20:3 Ge 40:5 Job 33:15 Da 2:1
g Ge 1:30 Ge 41:18
h Ge 41:19
i Ge 41:20
j Ge 41:21 1Kn 3:15
k Ge 41:22
l Ge 41:23
m 2Kn 19:26 Ese 17:10 Ho 13:15
n Ge 41:24
o Da 2:1
p Eks 7:11
q Jes 19:11 Da 2:2 1Ko 3:20

en Farao het vir hulle sy drome
vertel.[a] Maar daar was niemand
wat dit vir Farao kon uitlê nie.
**9** Toe het die hoof van die
skinkers met Farao gepraat[b]
en gesê: “Vandag maak ek mel-
ding van my sondes.[c] **10** Fa-
rao was toornig op sy kneg-
te.[d] Daarom het hy my in die
tronk van die huis van die hoof
van die lyfwag gesit,[e] my so-
wel as die hoof van die bakkers.
**11** Daarna het ons al twee in
die een nag ’n droom gedroom,
ek sowel as hy. Ons het elkeen
sy droom met sy eie uitlegging
gedroom.[f] **12** En saam met
ons was daar ’n jong man, ’n He-
breër,[g] ’n kneg van die hoof van
die lyfwag.[h] Toe ons dit vir hom
vertel,[i] het hy ons drome vir
ons uitgelê. Hy het vir elkeen
die uitlegging volgens sy droom
gegee. **13** En net soos hy dit
vir ons uitgelê het, so het dit ge-
beur. My het hy in my amp her-
stel,[j] maar hom het hy opge-
hang.”[k]
**14** En Farao het gestuur en
Josef laat roep,[l] sodat hulle hom
gou uit die kerker kon bring.[m]
Hy het derhalwe geskeer[n] en
ander mantels aangetrek[o] en na
Farao toe gegaan. **15** Toe het
Farao vir Josef gesê: “Ek het ’n
droom gedroom, maar daar is
niemand wat dit kan uitlê nie.
En ek het gehoor dat daar van
jou gesê word dat jy ’n droom
net hoef te hoor om dit uit te
lê.”[p] **16** Hierop het Josef Fa-
rao geantwoord en gesê: “Ek
hoef nie in aanmerking geneem
te word nie! God sal welsyn vir
Farao aankondig.”[q]
**17** En Farao het vir Josef ge-
sê: “In my droom het ek op
die oewer van die Nylrivier ge-
staan. **18** En kyk, uit die Nyl-
rivier het sewe koeie opgekom
wat vet van vleis en mooi van
gestalte was, en hulle het in
die Nylgras begin wei.[a] **19** En
ná hulle het daar sewe ander
koeie opgekom, skraal en baie
lelik van gestalte en maer van
vleis.[b] So sleg soos hulle het ek
in die hele Egipteland nog nie
gesien nie. **20** En die maer en
slegte koeie het die eerste sewe
vet koeie begin opeet.[c] **21** En
dié het in hulle maag gekom, en
tog kon daar nie gemerk word
dat hulle in hulle maag gekom
het nie, aangesien hulle voor-
koms net so sleg was soos in die
begin.[d] Toe het ek wakker ge-
word.
**22** “Daarna het ek in my
droom gesien, en kyk, sewe
graanare het aan een stingel
opgekom, vol en goed.[e] **23** En
ná hulle het daar sewe graan-
are uitgespruit, verskrompeld,
dun, deur die oostewind ver-
skroei.[f] **24** En die dun graan-
are het die sewe goeie graan-
are begin insluk.[g] En ek het dit
aan die towerpriesters meege-
deel,[h] maar niemand kon my in-
lig nie.”[i]
**25** Toe het Josef vir Farao
gesê: “Die droom van Farao is
een en dieselfde. Wat die ware
God doen, het hy vir Farao ver-
tel.[j] **26** Die sewe goeie koeie
is sewe jaar. Die sewe goeie
graanare is eweneens sewe
jaar. Die droom is een en die-
selfde. **27** En die sewe maer
en slegte koeie wat ná hulle
opgekom het, is sewe jaar; en
die sewe leë graanare, deur die
oostewind verskroei,[k] sal sewe
jaar van hongersnood wees.[l]
**28** Dít is wat ek vir Farao gesê
het: Wat die ware God doen, het
hy Farao laat sien.[m]
**29** “Kyk, daar kom sewe jaar
van groot oorvloed in die hele
Egipteland. **30** Maar daarna
sal daar beslis sewe jaar van

**HFST. 41**
a Da 4:7
b Ge 40:21
c Spr 28:13
d Ge 40:2
e Ge 37:36 Ge 40:3
f Ge 40:5
g Ge 39:17
h Ge 39:1
i Ge 40:8
j Ge 40:21
k Ge 40:22
l 1Sa 2:8 Ps 105:20
m Ge 40:15 Da 2:25
n Jer 9:26
o Jer 52:33
p Ps 25:14 Da 5:12 Han 7:10
q Ge 40:8 Da 2:23 Da 2:28

**Tweede kol.**
a Ge 41:2
b Ge 41:3
c Ge 41:4
d Le 26:26 Jes 9:20
e Ge 41:5
f Ge 41:6 Ps 129:6
g Ge 41:7
h Ge 41:8 Eks 7:11 Da 2:2
i Da 2:27 Da 4:7
j Ps 98:2 Jes 41:22 Da 2:28 Am 3:7
k Eks 14:21
l Ge 12:10 2Kn 8:1
m Da 2:28

hongersnood aanbreek, en al
die oorvloed in Egipteland sal
beslis vergeet word, en die hon-
gersnood sal die land eenvou-
dig verteer.[a] **31** En die oor-
vloed wat eens in die land was,
sal nie gemerk word as gevolg
van hierdie hongersnood wat
daarop volg nie, want dit sal
beslis baie swaar wees. **32** En
die feit dat die droom twee keer
vir Farao herhaal is, beteken
dat die saak deur die ware God
stewig bevestig is,[b] en die ware
God sal dit gou doen.[c]

**33** "Laat Farao dan nou 'n
verstandige en wyse man soek
en hom oor Egipteland aan-
stel.[d] **34** Laat Farao optree
en opsieners oor die land aan-
stel,[e] en gedurende die sewe
jaar van oorvloed moet hy 'n
vyfde van Egipteland hef.[f]
**35** En laat hulle al die voedsel
van hierdie komende goeie jare
bymekaarmaak, en laat hulle
onder Farao se hand graan op-
hoop as voedsel in die stede,[g] en
hulle moet dit bewaar. **36** En
die voedsel moet dien as 'n
voorraad vir die sewe jaar van
hongersnood wat in Egipteland
sal ontstaan,[h] sodat die land nie
deur die hongersnood uitgeroei
word nie."[i]

**37** Wel, die saak was goed
in die oë van Farao en van al
sy knegte.[j] **38** Toe het Farao
vir sy knegte gesê: "Kan 'n an-
der man gevind word soos hier-
die een in wie die gees van
God is?"[k] **39** Daarna het Fa-
rao vir Josef gesê: "Aangesien
God dit alles aan jou bekend ge-
maak het,[l] is daar niemand so
verstandig en wys soos jy nie.[m]
**40** Jy sal persoonlik oor my
huis wees,[n] en my hele volk
sal jou onvoorwaardelik ge-
hoorsaam.[o] Net wat die troon
betref, sal ek groter wees as
jy."[a] **41** En Farao het verder
vir Josef gesê: "Kyk, ek stel jou
oor die hele Egipteland aan."[b]
**42** Daarop het Farao sy seël-
ring[c] van sy hand afgehaal en
dit aan Josef se hand gesit en
hom klere van fyn linne laat
aantrek en 'n goue ketting om
sy nek gehang.[d] **43** Wat meer
is, hy het hom laat ry in die
tweede erewa wat hy gehad
het,[e] sodat hulle voor hom sou
uitroep: *"Awrék!"* en so is hy
oor die hele Egipteland aange-
stel.

**44** En Farao het verder vir
Josef gesê: "Ek is Farao, maar
sonder jou magtiging mag nie-
mand sy hand of sy voet in
die hele Egipteland oplig nie."[f]
**45** Daarna het Farao Josef Sa′-
fenat-Pane′ag genoem en aan
hom A′senat,[g] die dogter van
Potife′ra, die priester van On,[h]
as vrou gegee. En Josef het
oor Egipteland begin uittrek.[i]
**46** En Josef was dertig jaar
oud[j] toe hy voor Farao, die ko-
ning van Egipte, gestaan het.

Toe het Josef van Farao af
weggegaan en die hele Egipte-
land deurkruis. **47** En gedu-
rende die sewe jaar van oor-
vloed het die land hande vol
voortgebring.[k] **48** En hy het
aangehou om al die voedsel van
die sewe jaar wat oor Egipte-
land gekom het, bymekaar te
maak, en hy het die voedsel
in die stede gesit.[l] Die voed-
sel van die land wat rondom 'n
stad was, het hy daarin gesit.[m]
**49** En Josef het 'n baie groot
hoeveelheid graan bly ophoop,[n]
soos die sand van die see, totdat
hulle uiteindelik opgehou het
om dit te tel, want dit was on-
telbaar.[o]

**50** En voordat die jaar van
die hongersnood aangebreek
het, is daar vir Josef twee seuns

**HFST. 41**
a Jes 24:4; Mt 24:7; Han 7:11; Han 11:28
b De 19:15; Job 33:14; Mt 18:16
c 2Te 3:1
d De 1:13; 1Ko 4:2
e 1Kn 11:28
f Ge 41:47; Ge 47:26
g Ge 41:48; Spr 8:21; Han 7:12
h Ge 47:13
i Ge 45:11; Ge 47:19
j Da 1:20
k Nu 27:18; Job 32:8; Jes 61:1; Da 4:8
l Ps 32:8; Spr 14:35; 1Ko 1:27
m Spr 2:6; 1Ko 2:6
n Ge 39:6; Ps 105:21; Han 7:10
o Ge 49:10

**Tweede kol.**
a Est 10:3; Da 6:3
b Da 5:7
c Est 8:10; Da 6:17
d Est 8:2; Ps 75:7; Da 5:29
e 1Kn 1:38; Est 6:11
f Ge 44:18; Ge 45:8; Han 7:10
g Ge 46:20
h Jer 43:13; Ese 30:17
i Ps 105:21
j Nu 4:3; 2Sa 5:4; Lu 3:23
k Ge 26:12; Ps 65:9
l Eks 1:11
m 1Kn 9:19; 2Kr 32:28
n Ps 107:37
o De 28:11; Mal 3:10

gebore,[a] wat A′senat, die dog-
ter van Potife′ra, die priester
van On, vir hom gebaar het.
**51** Toe het Josef die eersgebo-
rene Manas′se[b] genoem, want,
soos hy dit gestel het: "God het
my al my moeite en die hele
huis van my vader laat ver-
geet."[c] **52** En die tweede het
hy E′fraim[d] genoem, want, soos
hy dit gestel het: "God het my
vrugbaar gemaak in die land
van my ellende."[e]

**53** En die sewe jaar van oor-
vloed wat in Egipteland ge-
heers het, het geleidelik ten
einde geloop,[f] **54** en daarna
het die sewe jaar van honger-
snood begin kom, net soos Josef
gesê het.[g] En die hongersnood
het in al die lande ontstaan,
maar in die hele Egipteland
is daar brood gevind.[h] **55** Uit-
eindelik het die hele Egipteland
begin honger ly en het die volk
tot Farao om brood begin roep.[i]
Toe het Farao vir al die Egipte-
naars gesê: "Gaan na Josef toe.
Wat hy ook al vir julle sê, moet
julle doen."[j] **56** En die hon-
gersnood het oor die hele op-
pervlak van die aarde geheers.[k]
Toe het Josef al die graansku-
re wat in hulle midde was, be-
gin oopmaak en aan die Egip-
tenaars verkoop,[l] aangesien die
hongersnood Egipteland ste-
wig in sy greep gekry het.
**57** Wat meer is, mense van die
hele aarde het na Egipte gekom
om van Josef te koop, want die
hongersnood het die hele aarde
stewig in sy greep gehad.[m]

**42** Uiteindelik het Jakob ge-
sien dat daar graan in
Egipte is.[n] Toe het Jakob vir sy
seuns gesê: "Waarom bly julle
na mekaar kyk?" **2** En hy het
bygevoeg: "Kyk, ek het gehoor
dat daar graan in Egipte is.[o]
Trek daarheen af en gaan koop
vir ons daar, sodat ons kan bly
lewe en nie sterf nie." **3** Ge-
volglik het tien broers[a] van Jo-
sef afgetrek om graan uit Egip-
te te koop. **4** Maar Jakob het
Benjamin,[b] Josef se broer, nie
saam met sy ander broers ge-
stuur nie, want hy het gesê:
"Anders kom hy dalk 'n nood-
lottige ongeluk oor."[c]

**5** So het Israel se seuns saam
met die ander gekom wat kom
koop het, want die honger-
snood het in die land Kanaän
geheers.[d] **6** En Josef was die
maghebber oor die land.[e] Hy
het aan al die mense van die
aarde verkoop.[f] Gevolglik het
Josef se broers gekom en laag
voor hom gebuig met hulle ge-
sig na die aarde.[g] **7** Toe Josef
sy broers sien, het hy hulle da-
delik herken, maar hy het hom
onherkenbaar gemaak vir hul-
le.[h] Daarom het hy hulle hard
aangespreek en vir hulle ge-
sê: "Waar kom julle vandaan?"
waarop hulle gesê het: "Uit
die land Kanaän om voedsel te
koop."[i]

**8** So het Josef sy broers her-
ken, maar hulle het hom nie
herken nie. **9** Josef het on-
middellik die drome onthou wat
hy aangaande hulle gedroom
het,[j] en hy het vir hulle ge-
sê: "Julle is spioene! Julle het
gekom om die onbeskutte toe-
stand van die land te sien!"[k]
**10** Toe het hulle vir hom gesê:
"Nee, my heer,[l] maar u kneg-
te[m] het gekom om voedsel te
koop. **11** Ons is almal seuns
van net een man. Ons is reg-
skape manne. U knegte is nie
spioene nie."[n] **12** Maar hy het
vir hulle gesê: "Dit is nie waar
nie! Want julle het gekom om
die onbeskutte toestand van
die land te sien!"[o] **13** Hierop
het hulle gesê: "U knegte is

**HFST. 41**
a Ge 48:5
b Ge 50:23; Nu 1:35; Op 7:6
c Ps 30:11; Jes 65:16; Op 21:4
d Ge 48:17; Nu 1:33; De 33:17; Jos 14:4
e Ps 105:18; Ps 107:41; Am 6:6; Han 7:10
f Ge 41:26
g Ge 41:30; Han 7:11
h Ge 45:11; Ge 47:17
i Ge 47:13; Klg 5:10
j Ps 105:21; Ps 146:7
k Ge 43:1; Lu 4:25
l Ge 41:48; Ge 47:16; Spr 11:26
m Ge 47:4; Ps 33:19

**HFST. 42**
n Ge 41:48
o Han 7:12

**Tweede kol.**
a 1Kr 2:1
b Ge 35:18; Ge 42:38; Ge 44:20
c Ge 43:14
d Ge 41:57; Han 7:11
e Ge 41:44; Ge 45:8; Ps 105:21; Han 7:10
f Ge 47:14
g Ge 37:7; Ge 37:9
h Ge 42:23; Ps 81:5
i Ge 37:1; Han 7:12
j Ge 37:7; Ge 37:9; Nu 12:6
k Ge 47:13
l Ro 13:7
m Ge 37:8
n Ge 42:31
o Ge 41:30

twaalf broers.[a] Ons is die seuns
van net een man[b] in die land
Kanaän; en kyk, die jongste is
vandag by ons vader,[c] terwyl
die ander een nie meer is nie.”[d]
**14** Josef het egter vir hul-
le gesê: “Dit is soos ek tot jul-
le gespreek het toe ek gesê het:
‘Julle is spioene!’ **15** Hieraan
sal julle getoets word. So waar
as Farao lewe, julle sal hier-
vandaan nie wegtrek tensy jul-
le jongste broer hierheen kom
nie.[e] **16** Stuur een van julle
dat hy julle broer kan gaan
haal terwyl julle gevange ge-
hou word, sodat julle woorde
getoets kan word, of dit in jul-
le geval die waarheid is.[f] En in-
dien nie, so waar as Farao lewe,
dan is julle spioene.” **17** Daar-
op het hy hulle saam drie dae
lank onder bewaking gestel.
**18** Daarna het Josef op die
derde dag vir hulle gesê: “Doen
dít en bly lewe. Ek vrees[g] die
ware God. **19** As julle regska-
pe is, laat dan een van julle
broers gevange bly in die huis
waar julle onder bewaking is,[h]
maar die res van julle: gaan,
neem graan vir die honger-
snood in julle huise.[i] **20** Dan
moet julle julle jongste broer na
my toe bring, sodat julle woorde
betroubaar bevind mag word;
en julle sal nie sterf nie.”[j] En
hulle het so gedoen.
**21** En hulle het vir mekaar
begin sê: “Ons is ongetwyfeld
skuldig met betrekking tot ons
broer,[k] want ons het die be-
noudheid van sy siel gesien toe
hy ons om medelye gesmeek
het, maar ons het nie geluis-
ter nie. Daarom het hierdie
benoudheid oor ons gekom.”[l]
**22** Toe het Ruben hulle geant-
woord en gesê: “Het ek nie
vir julle gesê: ‘Moenie teen
die kind sondig nie’, maar jul-
le het nie geluister nie?[a] En
kyk, nou word sy bloed beslis
teruggeëis.”[b] **23** Wat hulle be-
tref, hulle het nie geweet dat
Josef luister nie, want daar was
’n tolk tussen hulle. **24** Toe
het hy van hulle af wegge-
draai en begin huil.[c] Daarop
het hy na hulle toe terugge-
keer en met hulle gepraat en
Si′meon[d] van hulle weggeneem
en hom voor hulle oë gebind.[e]
**25** Daarna het Josef die bevel
gegee, en hulle het hulle hou-
ers vol graan gemaak. Hulle
moes ook die geld van die man-
ne in elkeen se sak terugsit[f]
en vir hulle padkos vir die reis
gee.[g] En daar is so vir hulle ge-
doen.
**26** Toe het hulle hulle graan
op hulle esels gelaai en daar-
vandaan vertrek. **27** Toe een
sy sak oopmaak om vir sy esel
by die herberg voer te gee,[h] het
hy sy geld gesien, en kyk, dit
was in die opening van sy sak.[i]
**28** Daarop het hy vir sy broers
gesê: “My geld is teruggegee, en
kyk, hier is dit in my sak!” Toe
het hulle hart hulle begewe, so-
dat hulle bewend na mekaar toe
gedraai[j] en gesê het: “Wat het
God ons tog aangedoen?”[k]
**29** Eindelik het hulle by hul-
le vader Jakob in die land Ka-
naän gekom en hom alles vertel
wat hulle oorgekom het en ge-
sê: **30** “Die man wat die heer
van die land is, het ons hard
aangespreek,[l] aangesien hy ge-
dink het ons is manne wat die
land verken.[m] **31** Maar ons
het vir hom gesê: ‘Ons is reg-
skape manne.[n] Ons is nie spi-
oene nie. **32** Ons is twaalf
broers,[o] die seuns van ons va-
der.[p] Een is nie meer nie,[q] en
die jongste is vandag by ons
vader in die land Kanaän.’[r]
**33** Maar die man wat die heer

**HFST. 42**
a 1Kr 2:1
b Eks 1:1
c Ge 35:18; Ge 42:38; Ge 43:7
d Ge 37:27; Ge 37:35; Ge 44:20; Ge 45:26; Han 7:9
e Ge 42:34; Ge 43:29
f Ps 7:9
g Ge 20:11; Le 25:43; Ne 5:15; Spr 8:13; 2Ko 7:1
h Ge 42:24
i Ge 43:2; Ge 45:23
j Ge 43:5; Ge 44:23
k Ge 37:18; Ge 37:28; Ge 50:17; Han 7:9
l Nu 32:23; Spr 21:13; Mt 7:2; 1Ti 5:24

**Tweede kol.**
a Ge 37:21; Ro 2:15
b Ge 9:5; Ps 9:12; Op 6:10
c Ge 43:30
d Ge 42:19; Ge 49:5
e Ge 43:23; Job 36:8
f Ge 44:1
g Ge 45:21; 1Pe 3:9
h Ge 43:21; Spr 12:10; Jer 9:2; Jer 41:17
i Ge 43:21
j Le 26:36; Lu 19:21
k Jes 45:7; Am 3:6; Heb 10:30
l Ge 42:7
m Jos 2:1; Rig 1:23; 2Sa 10:3
n Ge 42:11; Spr 11:6; Spr 14:2
o Ge 42:13
p Han 7:8
q Ge 37:28; Ge 37:35
r Ge 35:18; Ge 42:4

van die land is, het vir ons ge-
sê:[a] ‘Hieraan sal ek weet dat jul-
le regskape is:[b] Laat een van
julle broers by my bly.[c] Neem
julle dan iets vir die honger-
snood in julle huise en gaan.[d]
**34** En bring julle jongste broer
na my toe, sodat ek kan weet
dat julle nie spioene is nie,
maar dat julle regskape is. Julle
broer sal ek aan julle teruggee,
en julle mag in die land handel
dryf.’ ”[e]

**35** En toe hulle hulle sakke
leegmaak, kyk, daar was elkeen
se sakkie geld in sy sak. En hul-
le sowel as hulle vader het hul-
le sakkies geld gesien, en hulle
het bang geword. **36** Toe het
hulle vader Jakob tot hulle uit-
geroep: “Julle het mý van kin-
ders beroof![f] Josef is daar nie
meer nie en Si′meon is daar
nie meer nie,[g] en Benjamin
gaan julle wegneem! Oor my
het al hierdie dinge gekom!”
**37** Maar Ruben het vir sy va-
der gesê: “My twee seuns kan
u doodmaak as ek hom nie
na u toe terugbring nie.[h] Ver-
trou hom aan my sorg toe, en
ék sal hom na u toe terug-
bring.”[i] **38** Hy het egter gesê:
“My seun sal nie saam met jul-
le aftrek nie, want sy broer is
dood en hy het alleen oorgebly.[j]
As ’n noodlottige ongeluk hom
sou oorkom op die pad wat julle
sal gaan, dan sal julle beslis my
grys hare met droefheid na Sje-
ool laat afdaal.”[k]

**43** En die hongersnood was
swaar in die land.[l]
**2** En toe hulle die graan wat
hulle uit Egipte gebring het,[m]
heeltemal opgeëet het, het hul-
le vader vir hulle gesê: “Gaan
terug, koop vir ons ’n bietjie
voedsel.”[n] **3** Toe het Juda vir
hom gesê:[o] “Die man het ons
uitdruklik verseker en gesê:
‘Julle mag my aangesig nie
weer sien tensy julle broer by
julle is nie.’[a] **4** As u ons broer
saam met ons stuur,[b] is ons be-
reid om af te trek en vir u voed-
sel te koop. **5** Maar as u hom
nie stuur nie, sal ons nie aftrek
nie, want die man het vir ons
gesê: ‘Julle mag my aangesig
nie weer sien tensy julle broer
by julle is nie.’ ”[c] **6** En Israel
het uitgeroep:[d] “Waarom moes
julle my kwaad aandoen deur
vir die man te vertel dat julle
nog ’n broer het?” **7** Hierop
het hulle gesê: “Die man het
regstreeks na ons en ons fami-
lielede gevra en gesê: ‘Lewe jul-
le vader nog?[e] Het julle nog ’n
broer?’ en ons het volgens hier-
die feite vir hom vertel.[f] Hoe
kon ons tog geweet het dat hy
sou sê: ‘Bring julle broer af’?”[g]

**8** Uiteindelik het Juda vir sy
vader Israel gesê: “Stuur die
seun saam met my,[h] sodat ons
kan opstaan en gaan en so-
dat ons kan bly lewe en nie
sterf nie,[i] ons sowel as u en
ons kindertjies.[j] **9** Ek sal vir
hom borg wees.[k] Van my hand
kan u die straf vir hom eis.[l] As
ek hom nie na u toe bring en
hom voor u stel nie, dan sal ek
vir altyd teen u gesondig het.
**10** Maar as ons nie so getalm
het nie, dan sou ons nou al twee
keer soontoe en terug gewees
het.”[m]

**11** Toe het hulle vader Is-
rael vir hulle gesê: “As dit
dan die geval is,[n] doen dan
dít: Neem die beste produkte
van die land in julle houers en
bring dit vir die man as ’n ge-
skenk:[o] ’n bietjie balsem,[p] en
’n bietjie heuning,[q] labdanum
en harsagtige bas,[r] pistasie-
neute en amandels.[s] **12** Neem
ook dubbel soveel geld in jul-
le hand; en die geld wat in die

**HFST. 42**
a Ge 45:9
b Spr 14:9
c Ge 42:19
d Ge 42:2; Klg 4:9
e Ge 34:10; Ge 42:20; Jak 4:13
f Ge 43:14
g Ge 37:28; Ge 37:35; Ge 42:24
h Ge 37:22; Ge 46:9
i Ge 43:9; Ge 44:32
j Ge 37:33; Ge 44:20
k Ge 37:35; Nu 16:30; 1Kn 2:6; Ps 49:14; Ps 89:48; Pr 9:10; Ho 13:14; Han 2:27; Op 20:13

**HFST. 43**
l Ge 41:30; Han 7:11
m Ge 42:2; Han 7:12
n De 2:6
o Ge 29:35

**Tweede kol.**
a Ge 42:15
b Ge 42:20; Ge 42:36
c Ge 42:15; Ge 44:26
d Ge 32:28
e Ge 43:27
f Ge 42:13
g Ge 42:16
h Ge 37:26; Ge 42:38
i Ge 42:2; Klg 4:9
j Han 7:14
k Ge 44:32; Joh 15:13
l Eks 21:23; 1Kn 20:39; Ro 5:7
m 1Kr 5:2
n 2Kn 7:4; Han 21:14
o Ge 32:20; Spr 18:16
p Eks 25:6; Est 2:12; Jer 8:22; Jer 46:11; Ese 27:17
q 1Sa 14:25; Spr 25:16; Mt 3:4
r Ge 37:25
s Nu 17:8

opening van julle sakke terug-
gesit is, moet julle in julle hand
terugneem.[a] Miskien was dit 'n
fout.[b] **13** En neem julle broer
en staan op, gaan terug na die
man toe. **14** En mag God die
Almagtige gee dat julle medelye
voor die man vind,[c] sodat hy be-
slis vir julle julle ander broer en
Benjamin sal vrylaat. Maar ek,
as ek van kinders beroof moet
word, dan sal ek beslis van hul-
le beroof wees!"[d]

**15** Toe het die manne dié ge-
skenk geneem, en hulle het
dubbel soveel geld in hulle hand
geneem, asook Benjamin. Toe
het hulle opgestaan en na Egip-
te afgetrek en voor Josef gaan
staan.[e] **16** Toe Josef Benja-
min by hulle sien, het hy dade-
lik vir die man wat oor sy huis
was, gesê: "Neem die manne
na die huis en slag diere en
tref voorbereidings,[f] want die
manne gaan vanmiddag by my
eet." **17** Die man het onmid-
dellik gedoen net soos Josef ge-
sê het.[g] En die man het die
manne na Josef se huis geneem.
**18** Maar die manne het bang
geword omdat hulle na Josef se
huis geneem is,[h] en hulle het be-
gin sê: "Dit is weens die geld
wat aan die begin saam met ons
in ons sakke teruggegaan het
dat ons hierheen gebring word
sodat hulle ons kan oorrompel
en aanval en ons as slawe kan
neem en ook ons esels!"[i]

**19** Hulle het derhalwe nader
gekom na die man wat oor Jo-
sef se huis was en by die ingang
van die huis met hom gepraat,
**20** en hulle het gesê: "Verskoon
ons, my heer! Ons het gewis aan
die begin afgetrek om voedsel
te koop.[j] **21** Maar toe ons by
die herberg kom[k] en ons sakke
begin oopmaak, kyk, daar was
elkeen se geld in die opening
van sy sak, ons geld volgens die
volle gewig. Daarom wil ons dit
graag met ons eie hande terug-
gee.[a] **22** En ons het nog meer
geld in ons hande afgebring
om voedsel te koop. Ons weet
glad nie wie ons geld in ons sak-
ke gesit het nie."[b] **23** Toe het
hy gesê: "Alles is wel met jul-
le. Moenie bang wees nie.[c] Julle
God en die God van julle vader
het julle 'n skat in julle sak-
ke gegee.[d] Julle geld het eers
na my toe gekom." Daarna het
hy Si'meon na hulle toe uitge-
bring.[e]

**24** Toe het die man die man-
ne in Josef se huis ingebring
en water gegee sodat hulle voe-
te gewas kon word,[f] en hy het
voer vir hulle esels gegee.[g]
**25** En hulle het die geskenk ge-
reedgemaak[h] vir Josef se koms
op die middaguur, want hulle
het gehoor dat hulle daar brood
sou eet.[i] **26** Toe Josef in die
huis ingaan, het hulle die ge-
skenk wat in hulle hand was,
na hom toe gebring in die huis
en hulle voor hom op die aarde
neergewerp.[j] **27** Hierna het
hy gevra of dit met hulle goed
gaan en gesê:[k] "Gaan dit goed
met julle vader, die bejaarde
man van wie julle gepraat het?
Lewe hy nog?"[l] **28** Hierop het
hulle gesê: "Dit gaan goed met
u kneg, ons vader. Hy lewe
nog." Toe het hulle gebuig en
hulle neergewerp.[m]

**29** Toe hy sy oë opslaan en sy
broer Benjamin sien, die seun
van sy moeder,[n] het hy gesê: "Is
dit julle broer, die jongste van
wie julle my vertel het?"[o] En
hy het bygevoeg: "Mag God sy
guns aan jou betoon,[p] my seun."
**30** Josef was toe haastig, want
sy innerlike emosies was op-
gewek teenoor sy broer,[q] so-
dat hy 'n plek gesoek het om

**HFST. 43**
a Ge 42:25; Ge 42:35
b Ro 13:8; 2Ko 8:21; Heb 13:18
c Ne 1:11; Lu 1:50; 2Ko 5:10
d Ge 27:45; Ge 42:36
e Ge 37:7
f Ge 18:7; Spr 9:2
g Ge 41:40
h Ge 20:11; Ge 42:21
i Ge 42:25; Ge 42:35
j Ge 42:3
k Ge 42:27; Lu 2:7

**Tweede kol.**
a De 22:2; Han 20:33; Ro 13:8; Heb 13:5; 1Pe 2:12
b Ge 43:12
c Rig 6:23
d Pr 5:19; Han 17:25
e Ge 42:24
f Ge 18:4; Ge 19:2; 1Sa 25:41; Joh 13:12
g Ge 24:32; Rig 19:21
h Ge 43:11; Spr 18:16
i Ge 43:16; Eks 2:20; Job 42:11
j Ge 37:7; Ge 42:6
k Eks 18:7; 1Sa 17:22
l Ge 43:7
m Ge 37:9; 2Sa 1:2; 2Kr 24:17
n Ge 35:24
o Ge 42:13
p Nu 6:25
q 1Kn 3:26; Flp 1:8; Kol 3:12

te huil, en hy het in ’n binne-
kamer ingegaan en daar in tra-
ne uitgebars.[a] **31** Daarna het
hy sy gesig gewas en uitge-
gaan en hom bedwing en ge-
sê:[b] “DIEN die maaltyd op.”[c]
**32** En hulle het dit vir hom af-
sonderlik opgedien en vir hul-
le afsonderlik en vir die Egipte-
naars wat saam met hom geëet
het afsonderlik; want die Egip-
tenaars kon nie ’n maaltyd
saam met die Hebreërs eet nie,
want dit is vir die Egiptenaars
iets verfoeiliks.[d]

**33** En hulle is in hulle sit-
plekke voor hom geplaas, die
eersgeborene na sy eersgeboor-
tereg[e] en die jongste na sy
jonkheid; en die manne het
mekaar verbaas bly aankyk.
**34** En hy het porsies wat voor
hom was, voortdurend na hul-
le laat neem, maar hy het Ben-
jamin se porsie vyf keer groter
as die porsies van al die ander
gemaak.[f] So het hulle voortge-
gaan om ’n feesmaal te hou en
tot versadiging toe saam met
hom te drink.[g]

**44** Later het hy die man wat
oor sy huis was,[h] beveel
en gesê: “Vul die sakke van die
manne met soveel voedsel as
hulle kan vervoer en sit elkeen
se geld in die opening van sy
sak.[i] **2** Maar jy moet my be-
ker, die silwerbeker, in die ope-
ning van die sak van die jong-
ste sit, asook die geld vir sy
graan.” Toe het hy gedoen vol-
gens die woord van Josef, wat
hy gespreek het.[j]

**3** Die oggend het al lig ge-
word toe die manne wegge-
stuur is,[k] hulle sowel as hulle
esels. **4** Hulle het uit die stad
uitgetrek. Hulle het nog nie ver
gegaan nie, toe het Josef vir die
man wat oor sy huis was, gesê:
“Staan op! Sit die manne agter-
na en sorg dat jy hulle inhaal
en vir hulle sê: ‘Waarom het
julle kwaad vir goed vergeld?[a]
**5** Is dit nie die ding waaruit
my heer drink en waarmee hy
met groot bedrewenheid voor-
tekens lees nie?[b] Dit is ’n slegte
daad wat julle gepleeg het.’ ”

**6** Uiteindelik het hy hulle in-
gehaal en hierdie woorde met
hulle gespreek. **7** Maar hul-
le het vir hom gesê: “Waarom
spreek my heer sulke woorde?
Dit is ondenkbaar dat u kneg-
te so iets sou doen. **8** Kyk, die
geld wat ons in die opening van
ons sakke gevind het, het ons
uit die land Kanaän na u toe
teruggebring.[c] Hoe sou ons dan
silwer of goud uit die huis van
u heer kan steel?[d] **9** Laat dié
een van u slawe by wie dit ge-
vind word, sterf en laat ons ook
self slawe van my heer word.”[e]
**10** Toe het hy gesê: “Laat dit
nou presies volgens julle woor-
de wees.[f] So sal die een by
wie dit gevind word, my slaaf
word,[g] maar julle sal onskuldig
wees.” **11** Daarop het hulle
gou elkeen sy sak op die grond
neergesit en elkeen sy sak oop-
gemaak. **12** En hy het sorg-
vuldig gesoek. Hy het by die
oudste begin en by die jongste
opgehou. Uiteindelik is die be-
ker in Benjamin se sak gevind.[h]

**13** Toe het hulle hulle man-
tels geskeur[i] en elkeen sy vrag
weer op sy esel getel en na
die stad teruggekeer. **14** En
Juda[j] en sy broers het in Jo-
sef se huis ingegaan, en hy
was nog daar; en hulle het
voor hom op die aarde neerge-
val.[k] **15** Josef het toe vir hul-
le gesê: “Watter soort daad is
dit wat julle gepleeg het? Het
julle nie geweet dat ’n man
soos ek met groot bedrewen-
heid voortekens kan lees nie?”[l]

HFST. 43
a Ge 42:24
b Ge 45:1
c Ge 43:25
d Ge 46:34 Eks 8:26
e Ge 49:3 De 21:17
f Ge 45:22 Mt 20:15
g Rig 14:10 Job 1:4

HFST. 44
h Ge 43:16
i Ge 42:25
j Ge 41:40
k Ge 19:2 Rig 19:5

Tweede kol.
a Ps 109:5 Spr 17:13
b Ge 44:15 Le 19:26
c Ge 43:12
d Le 19:11 Spr 29:24 1Pe 3:16
e Han 25:11
f Spr 6:2
g Eks 22:3 Mt 18:25
h Ge 44:2
i Ge 37:29 Jos 7:6 Han 14:14
j Ge 43:8 Ge 44:32
k Ge 37:7 Ge 50:18
l Ge 44:5

**16** Hierop het Juda uitgeroep:
“Wat kan ons vir my heer sê?
Wat kan ons spreek? En hoe
kan ons bewys dat ons regver-
dig is?[a] Die ware God het die
oortreding van u slawe uitge-
vind.[b] Kyk, ons is my heer se
slawe,[c] ons sowel as die een in
wie se hand die beker gevind
is!” **17** Hy het egter gesê: “Dit
is vir my ondenkbaar om so iets
te doen![d] Die man in wie se
hand die beker gevind is, hy sal
my slaaf word.[e] Wat die res van
julle betref, trek in vrede op na
julle vader toe.”[f]

**18** Juda het toe nader gekom
na hom toe en gesê: “Ek bid u,
my heer, laat u kneg tog asse-
blief ’n woord ten aanhore van
my heer spreek,[g] en moenie u
toorn[h] teen u slaaf laat ontvlam
nie, want u staan gelyk met Fa-
rao.[i] **19** My heer het sy sla-
we gevra en gesê: ‘Het julle ’n
vader of ’n broer?’ **20** Daar-
op het ons vir my heer gesê:
‘Ons het ’n bejaarde vader en
’n kind van sy oudag, die jong-
ste.[j] Maar sy broer is dood, so-
dat net hy van sy moeder oorge-
bly het,[k] en sy vader het hom
werklik lief.’ **21** Daarna het u
vir u slawe gesê: ‘Bring hom
af na my toe sodat ek my oog
op hom kan rig.’[l] **22** Maar ons
het vir my heer gesê: ‘Die seun
kan nie sy vader verlaat nie. As
hy sy vader sou verlaat, sal hy
beslis sterf.’[m] **23** Toe het u vir
u slawe gesê: ‘Tensy julle jong-
ste broer saam met julle afkom,
mag julle my aangesig nie weer
sien nie.’[n]

**24** “En ons het na u slaaf,
my vader, opgetrek en hom toe
die woorde van my heer vertel.
**25** Later het ons vader gesê:
‘Gaan terug, koop vir ons ’n
bietjie voedsel.’[o] **26** Maar ons
het gesê: ‘Ons kan nie aftrek
nie. As ons jongste broer by ons
is, sal ons aftrek, want ons kan
nie die man se aangesig sien
as ons jongste broer nie by ons
is nie.’[a] **27** Toe het u slaaf,
my vader, vir ons gesê: ‘Jul-
le weet goed dat my vrou vir
my net twee seuns gebaar het.[b]
**28** Later het die een van my
af weggegaan, en ek het uitge-
roep: “Ag, hy is sekerlik ver-
skeur!”[c] en ek het hom tot nou
toe nie gesien nie. **29** As jul-
le ook hierdie een onder my oë
uit sou wegneem en ’n noodlot-
tige ongeluk hom sou oorkom,
sal julle beslis my grys hare met
rampspoed na Sjeool[d] laat af-
daal.’

**30** “En sodra ek dan nou by u
slaaf, my vader, kom sonder dat
die seun by ons is, terwyl sy siel
verbonde is aan hierdie een se
siel,[e] **31** dan sal hy, sodra hy
sien dat die seun nie daar is nie,
eenvoudig sterf, en u knegte sal
inderdaad die grys hare van u
slaaf, ons vader, met droefheid
na Sjeool laat afdaal. **32** Want
u slaaf het borg geword[f] vir
die seun terwyl hy van sy va-
der af weg is deur te sê: ‘As
ek hom nie na u toe terugbring
nie, dan sal ek vir ewig teen my
vader gesondig het.’[g] **33** Laat
u slaaf dan nou asseblief in die
plek van die seun as ’n slaaf
vir my heer bly, sodat die seun
saam met sy broers kan op-
trek.[h] **34** Want hoe kan ek na
my vader toe optrek sonder dat
die seun by my is, uit vrees dat
ek dan die rampspoed sal aan-
skou wat my vader sal tref?”[i]

**45** Hierop kon Josef hom nie
langer bedwing voor al-
mal wat by hom gestaan het
nie.[j] Daarom het hy uitgeroep:
“LAAT almal van my af weg-
gaan!” En niemand anders het
by hom gestaan terwyl Josef

**HFST. 44**
a Mt 7:20
b Ge 37:28; Ge 42:21; Spr 28:17; Han 2:37
c Ge 50:18
d Ge 42:18
e Ge 44:9
f Ge 26:29
g Ge 18:30
h Spr 14:29; Spr 19:11; Spr 29:8
i Ge 41:44; Ge 45:8
j Ge 42:13; Ge 43:7
k Ge 35:18; Ge 37:33
l Ge 42:15; Ge 43:29
m Ge 42:38
n Ge 42:20; Ge 43:3
o Ge 43:2

**Tweede kol.**
a Ge 43:5
b Ge 29:18; Ge 30:23; Ge 35:18; Ge 46:19
c Ge 37:33
d Ge 37:35; Ge 42:38; Ps 16:10; Ps 88:3; Pr 9:10; Ho 13:14; Mt 11:23; Han 2:31; Op 20:13
e 1Sa 18:1; 2Sa 18:33
f Ro 16:4
g Ge 43:9; 1Kn 20:39
h Ro 9:3
i Est 8:6

**HFST. 45**
j Ge 43:30

hom aan sy broers bekend ge-
maak het nie.[a]
2 En hy het sy stem met
gehuil begin verhef,[b] sodat die
Egiptenaars dit gehoor het en
Farao se huis dit gehoor het.
3 Uiteindelik het Josef vir sy
broers gesê: “Ek is Josef. Lewe
my vader nog?” Maar sy broers
kon hom glad nie antwoord nie,
want hulle was ontsteld weens
hom.[c] 4 Toe het Josef vir sy
broers gesê: “Kom asseblief na-
der na my toe.” Daarop het hul-
le nader gekom na hom toe.
Toe het hy gesê: “Ek is jul-
le broer Josef, vir wie julle na
Egipte verkoop het.[d] 5 Maar
moet nou nie bedroef voel nie[e]
en moenie vir julleself kwaad
wees omdat julle my hier-
heen verkoop het nie; want
vir die bewaring van lewe het
God my voor julle uit gestuur.[f]
6 Want dit is die tweede jaar
van die hongersnood op die aar-
de,[g] en daar is nog vyf jaar
waarin daar geen ploegtyd of
oes sal wees nie.[h] 7 Gevolglik
het God my voor julle uit ge-
stuur om vir julle ’n oorblyfsel[i]
op die aarde te plaas en om jul-
le deur ’n groot ontkoming in
die lewe te hou. 8 Dit was dan
nou nie julle wat my hierheen
gestuur het nie,[j] maar dit was
die ware God, sodat hy my kon
aanstel as ’n vader[k] vir Farao
en as ’n heer vir sy hele huis en
as heerser oor die hele Egipte-
land.
9 “Trek gou op na my vader
toe, en julle moet vir hom sê:
‘Só het u seun Josef gesê: “God
het my aangestel as heer oor
die hele Egipte.[l] Kom af na my
toe. Moenie talm nie. 10 En u
moet in die land Gosen woon,[m]
en u moet naby my bly, u en
u kinders en u kindskinders
en u beeste en u kleinvee en
alles wat u het. 11 En ek sal
u daar van voedsel voorsien,
want daar is nog vyf jaar van
hongersnood;[a] sodat u en u huis
en alles wat u het, nie in armoe-
de verval nie.” ’ 12 En kyk,
julle oë en die oë van my broer
Benjamin sien dat dit my mond
is wat met julle praat.[b] 13 Jul-
le moet my vader dus vertel van
al my heerlikheid in Egipte en
alles wat julle gesien het; en jul-
le moet gou maak en my vader
hierheen afbring.”
14 Toe het hy sy broer Ben-
jamin om die hals geval en be-
gin huil, en Benjamin het aan
sy hals gehuil.[c] 15 En hy het
al sy broers gesoen en aan hul-
le hals gehuil,[d] en daarna het sy
broers met hom gepraat.
16 En die nuus is in die huis
van Farao gehoor deurdat daar
gesê is: “Josef se broers het ge-
kom!” En dit was goed in die
oë van Farao en van sy kneg-
te.[e] 17 Toe het Farao vir Josef
gesê: “Sê vir jou broers: ‘Doen
dít: Laai julle pakdiere en gaan
na die land Kanaän,[f] 18 en
neem julle vader en julle huis-
gesinne en kom hier na my
toe, sodat ek julle die goeie
van Egipteland kan gee; en
eet die vet deel van die land.[g]
19 En jý word beveel:[h] “Doen
dít: NEEM vir julle waens[i] uit
Egipteland vir julle kindertjies
en julle vrouens, en julle moet
julle vader op een tel en hier-
heen kom.[j] 20 En moenie dat
julle oog jammer voel oor julle
toerusting nie,[k] want die goeie
van die hele Egipteland is julle
s’n.” ’ ”[l]
21 Toe het die seuns van Is-
rael dit gedoen, en Josef het
vir hulle waens gegee volgens
Farao se bevele en vir hul-
le padkos gegee[m] vir die reis.
22 Vir elkeen van hulle het

HFST. 45
a Han 7:13
b Rut 1:9
c Mr 6:50
d Ge 37:28 Han 7:9
e 2Ko 2:7
f Ge 47:25 Ge 50:20 1Sa 2:6 Ps 33:19 Ps 105:17
g Ge 41:30 Ge 47:18
h 1Ko 9:10
i Ge 46:26
j Ro 8:28
k Rig 17:10 Job 29:16 Ps 105:21
l Ge 45:26 Han 7:10 1Jo 4:14
m Ge 46:34 Ge 47:1 Eks 8:22 Eks 9:26

Tweede kol.
a Ge 47:12 Spr 3:27 Han 7:14
b Ge 42:23
c Ge 33:4 Ge 46:29
d Eks 4:27 1Sa 20:41 Lu 15:20
e 2Sa 3:36 Est 1:21
f Ge 42:25 Ge 43:18
g Ge 27:28 Ge 47:6
h Ge 41:40
i Ge 45:27 Ge 46:5 Nu 7:3 1Sa 6:14
j Ge 47:9
k Ge 46:6
l Jes 1:19
m Ge 21:14 Ge 42:25

hy afsonderlik ’n nuwe man-
tel gegee,[a] maar vir Benjamin
het hy driehonderd silwerstuk-
ke en vyf nuwe mantels gegee.[b]
**23** En vir sy vader het hy die
volgende gestuur: tien esels
wat goeie dinge van Egipte ge-
dra het en tien eselinne wat
graan en brood en voedsel vir
sy vader vir die reis gedra het.
**24** So het hy sy broers wegge-
stuur, en hulle het gegaan. Hy
het egter vir hulle gesê: “Moe-
nie op mekaar vertoornd word
op die pad nie.”[c]

**25** En hulle het uit Egipte
begin optrek en eindelik in die
land Kanaän by hulle vader Ja-
kob gekom. **26** Toe het hulle
aan hom berig gebring en gesê:
“Josef lewe nog, en hy is heer-
ser oor die hele Egipteland!”[d]
Maar sy hart het lam geword,
want hy het hulle nie geglo nie.[e]
**27** Toe hulle al Josef se woor-
de vir hom vertel wat hy met
hulle gespreek het, en hy die
waens sien wat Josef gestuur
het om hom te vervoer, het
die gees van hulle vader Jakob
begin herlewe.[f] **28** Toe het Is-
rael uitgeroep: “Dit is genoeg!
My seun Josef lewe nog! Ag, laat
ek gaan en hom sien voordat ek
sterf!”[g]

**46** Gevolglik het Israel en
alles wat syne was, weg-
getrek en by Berse′ba[h] gekom,
en hy het offerandes aan die
God van sy vader Isak[i] ge-
bring. **2** Toe het God in nagvi-
sioene met Israel gepraat en ge-
sê:[j] “Jakob, Jakob!” waarop hy
gesê het: “Hier is ek!”[k] **3** En
hy het gesê: “Ek is die ware
God,[l] die God van jou vader.[m]
Moenie bang wees om na Egip-
te af te trek nie, want ek sal
jou daar ’n groot nasie maak.[n]
**4** Ek sal saam met jou na Egip-
te aftrek en ek sal jou gewis ook
weer laat optrek;[a] en Josef sal
sy hand op jou oë lê.”[b]

**5** Daarna het Jakob uit Ber-
se′ba weggetrek, en die seuns
van Israel het hulle vader Ja-
kob en hulle kindertjies en hul-
le vrouens op die waens ver-
voer wat Farao gestuur het om
hom te vervoer.[c] **6** Daarbene-
wens het hulle hulle kuddes en
hulle besittings, wat hulle in
die land Kanaän versamel het,[d]
saamgeneem. Uiteindelik het
hulle in Egipte gekom, Jakob
en sy hele nageslag saam met
hom. **7** Hy het sy seuns en sy
seuns se seuns saam met hom
gebring, sy dogters en sy seuns
se dogters, ja, sy hele nageslag,
saam met hom na Egipte.[e]

**8** En dít is die name van Is-
rael se seuns wat na Egipte ge-
kom het:[f] Jakob en sy seuns:
Jakob se eersgeborene was Ru-
ben.[g]

**9** En die seuns van Ruben
was Hanog en Pallu en Hesron
en Karmi.[h]

**10** En die seuns van Si′me-
on[i] was Je′muel en Jamin en
Ohad en Jagin[j] en Sohar en
Saul,[k] die seun van ’n Kanaäni-
tiese vrou.

**11** En die seuns van Levi[l]
was Gerson,[m] Kehat[n] en Mera′-
ri.[o]

**12** En die seuns van Juda[p]
was Er[q] en Onan[r] en Sela[s] en
Peres[t] en Serag.[u] Maar Er en
Onan het in die land Kanaän
gesterf.[v]

En die seuns van Peres
was Hesron[w] en Hamul.[x]

**13** En die seuns van Is′sas-
kar[y] was Tola[z] en Puwa[a] en Job
en Simron.[b]

**14** En die seuns van Se′bu-
lon[c] was Sered en Elon en Jag′-
leël.[d]

**HFST. 45**
a 2Kn 5:5
b Ge 43:34
c Ge 42:21; Ps 133:1
d Ps 105:21
e Ge 42:38; Ge 44:28; Lu 24:11
f Jes 57:15; 1Ko 16:18; 2Ko 7:13
g Ge 46:30; Lu 2:29

**HFST. 46**
h Ge 21:31
i Ge 31:42; Eks 3:6; Lu 20:37
j Nu 12:6; Job 33:15
k 1Sa 3:4
l Ge 5:22; 1Kn 18:21; 1Ko 8:6
m Ge 28:13; Mt 22:32
n Ge 12:2; Eks 1:7; De 26:5; Ps 105:12; Han 7:17

**Tweede kol.**
a Ge 15:16; Ge 28:15; Ge 47:29; Ge 50:13; Eks 3:8; Ps 105:37
b Ge 50:1
c Ge 45:19
d Ge 31:18; Ge 36:7
e Nu 20:15; Ps 105:23; Jes 52:4; Han 7:15
f Eks 1:1
g Ge 35:23; Ge 49:3; 1Kr 5:1
h Eks 6:14; Nu 26:5
i Ge 29:33
j Nu 26:12
k Eks 6:15; 1Kr 4:24
l Ge 29:34; 1Kr 6:16
m Eks 6:16; Nu 3:23
n Eks 6:18; Nu 3:27; 1Kr 9:32
o Nu 3:33; 1Kr 6:63
p Ge 29:35; Ge 49:10; Op 5:5
q Ge 38:3
r Ge 38:4
s Ge 38:5
t Rut 4:12; Lu 3:33
u Ge 38:30
v Ge 38:7; Ge 38:10
w Nu 26:21

x 1Kr 2:5; y Ge 49:14; Jos 19:17; z Nu 26:23; a 1Kr 7:1; b Nu 26:24; c Ge 30:20; Ge 49:13; d Nu 26:26.

**15** Dit is die seuns van Lea,[a]
wat sy vir Jakob in Paddan-
Aram gebaar het, saam met sy
dogter Dina.[b] Al die siele van
sy seuns en van sy dogters was
drie-en-dertig.

**16** En die seuns van Gad[c]
was Sifjon en Haggi, Suni en
Esbon, Eri en Aro′di en Are′-
li.[d]

**17** En die seuns van Aser[e]
was Jimna en Jiswa en Jiswi
en Beri′a,[f] en daar was hulle
suster Sera.

En die seuns van Beri′a
was Heber en Mal′kiël.[g]

**18** Dit is die seuns van Sil-
pa,[h] wat Laban aan sy dogter
Lea gegee het. Met verloop van
tyd het sy hulle vir Jakob ge-
baar: sestien siele.

**19** Die seuns van Ragel,[i] Ja-
kob se vrou, was Josef[j] en Ben-
jamin.[k]

**20** En vir Josef is in Egipte-
land Manas′se[l] en E′fraim[m] ge-
bore, wat A′senat,[n] die dogter
van Potife′ra, die priester van
On, vir hom gebaar het.

**21** En die seuns van Benja-
min was Bela[o] en Beger[p] en
Asbel, Gera[q] en Naäman,[r] Ehi
en Ros, Muppim[s] en Huppim[t]
en Ard.

**22** Dit is die seuns van Ra-
gel wat vir Jakob gebore is. Al-
tesaam veertien siele.

**23** En die seuns van Dan[u]
was Husim.[v]

**24** En die seuns van Naf′ta-
li[w] was Jag′seël en Guni[x] en Je-
ser en Sillem.[y]

**25** Dit is die seuns van Bil-
ha,[z] wat Laban aan sy dogter
Ragel gegee het. Met verloop
van tyd het sy hulle vir Jakob
gebaar; altesaam sewe siele.

**26** Al die siele wat saam met
Jakob na Egipte gekom het,
was dié wat uit sy lendene
voortgekom het,[a] benewens die
vrouens van Jakob se seuns.
Altesaam ses-en-sestig siele.
**27** En Josef se seuns wat vir
hom in Egipte gebore is, was
twee siele. Al die siele van die
huis van Jakob wat na Egipte
gekom het, was sewentig.[b]

**28** En hy het Juda[c] voor hom
uit na Josef toe gestuur om
voor hom uit inligting na Go-
sen te stuur. Daarna het hul-
le in die land Gosen gekom.[d]
**29** Toe het Josef sy wa gereed
laat maak en opgegaan om sy
vader Israel in Gosen te ont-
moet.[e] Toe hy voor hom ver-
skyn, het hy hom dadelik om
die hals geval en herhaaldelik
aan sy hals in trane uitgebars.[f]
**30** Uiteindelik het Israel vir Jo-
sef gesê: “Hierdie keer is ek be-
reid om te sterf,[g] noudat ek jou
aangesig gesien het, aangesien
jy nog lewe.”

**31** Toe het Josef vir sy
broers en vir sy vader se huis
gesê: “Laat ek optrek en aan Fa-
rao berig bring en vir hom sê:[h]
‘My broers en my vader se huis
wat in die land Kanaän was,
het hier na my toe gekom.[i]
**32** En die manne is herders,[j]
want hulle het veeboere ge-
word;[k] en hulle kleinvee en hul-
le beeste en alles wat hulle het,
het hulle hierheen gebring.’[l]
**33** En wanneer Farao julle laat
roep en sê: ‘Watter soort werk
doen julle?’ **34** moet julle sê:
‘U knegte was van ons jeug af
tot nou toe nog altyd veeboere,
ons sowel as ons voorvaders’,[m]
sodat julle in die land Gosen
kan woon,[n] want elke skaap-
wagter is vir Egipte verfoei-
lik.”[o]

**47** Toe het Josef gekom en
aan Farao berig gebring
en gesê:[p] “My vader en my
broers en hulle kleinvee en hul-

HFST. 46
a Ge 35:23
b Ge 30:21
c Ge 30:11, Ge 49:19
d Nu 26:15
e Ge 30:13, Ge 49:20, De 33:24
f Nu 26:44
g Nu 26:45
h Ge 29:24, Ge 35:26
i Ge 29:18, Ge 35:24
j Ge 30:24, Ge 49:22
k Ge 35:18, Ge 49:27
l Ge 41:51, Ge 48:14
m Ge 41:52
n Ge 41:50
o Nu 26:38
p 1Kr 7:6
q 1Kr 8:3
r Nu 26:40
s Nu 26:39
t 1Kr 7:12
u Ge 30:6, Ge 49:16
v Nu 26:42
w Ge 30:8, Ge 49:21
x Nu 26:48
y Nu 26:49
z Ge 29:29, Ge 35:25

Tweede kol.
a Ge 35:11
b Eks 1:5, De 10:22, Han 7:14
c Ge 43:8, Ge 44:18
d Ge 45:10, Ge 47:1
e Ge 41:43
f Ge 33:4, Ge 45:14
g Ge 45:28, Lu 2:29
h Ge 41:40
i Ge 45:19, Ge 47:1, Han 7:13
j Ge 31:18, Ge 47:3
k Ge 31:38
l Ge 46:6
m Ge 30:35, Ge 34:5
n Ge 45:18, Ge 47:27
o Ge 43:32

HFST. 47
p Ge 46:31

le beeste en alles wat hulle het,
het uit die land Kanaän gekom,
en kyk, hulle is in die land Go-
sen."[a] 2 En uit die hele getal
van sy broers het hy vyf manne
geneem, sodat hy hulle aan Fa-
rao kon voorstel.[b]

3 Toe het Farao vir sy broers
gesê: "Watter soort werk doen
julle?"[c] En hulle het vir Farao
gesê: "U knegte is skaapwag-
ters,[d] ons sowel as ons voorva-
ders."[e] 4 Daarna het hulle vir
Farao gesê: "Ons het as vreem-
delinge in die land kom woon,[f]
want daar is geen weiding vir
die kleinvee wat u knegte het
nie,[g] want die hongersnood is
swaar in die land Kanaän.[h]
Laat u knegte dan nou asse-
blief in die land Gosen woon."[i]
5 Daarop het Farao vir Josef
gesê: "Jou vader en jou broers
het hier na jou toe gekom.
6 Egipteland is tot jou beskik-
king.[j] Laat jou vader en jou
broers in die allerbeste deel van
die land woon.[k] Laat hulle in
die land Gosen woon,[l] en as jy
weet dat daar moedige manne
onder hulle is,[m] moet jy hulle
as veeopsigters aanstel oor wat
myne is."[n]

7 Toe het Josef sy vader Ja-
kob ingebring en hom aan Fa-
rao voorgestel, en Jakob het
Farao geseën.[o] 8 Farao het
toe vir Jakob gesê: "Hoeveel
is die dae van jou lewensja-
re?" 9 En Jakob het vir Fa-
rao gesê: "Die dae van die jare
van my vreemdelingskap is
honderd-en-dertig jaar.[p] Min en
rampspoedig was die dae van
my lewensjare,[q] en dit het nie
die dae van die lewensjare van
my vaders in die dae van hulle
vreemdelingskap bereik nie."[r]
10 Daarna het Jakob Farao ge-
seën en van Farao af wegge-
gaan.[s]

11 So het Josef sy vader en
sy broers laat woon en het hy
hulle 'n besitting in Egipteland
gegee, in die allerbeste deel
van die land, in die land Ram-
ses,[a] net soos Farao beveel het.
12 En Josef het aangehou om
sy vader en sy broers en die
hele huis van sy vader van
brood te voorsien,[b] ooreenkom-
stig die getal van die kinder-
tjies.[c]

13 En daar was geen brood
in die hele land nie, want die
hongersnood was baie swaar;[d]
en Egipteland en die land Ka-
naän het uitgeput geraak as
gevolg van die hongersnood.[e]
14 En Josef het voortgegaan
om al die geld bymekaar te
maak wat in Egipteland en in
die land Kanaän te vinde was,
vir die graan wat mense gekoop
het;[f] en Josef het die geld in Fa-
rao se huis bly inbring. 15 Na
verloop van tyd was die geld
van Egipteland en die land Ka-
naän op, en al die Egiptenaars
het na Josef toe begin kom en
gesê: "Gee vir ons brood![g] En
waarom moet ons voor u sterf
omdat die geld opgeraak het?"[h]
16 Toe het Josef gesê: "Gee jul-
le vee en ek sal vir julle brood
gee in ruil vir julle vee, as
die geld opgeraak het." 17 En
hulle het hulle vee na Josef toe
begin bring; en Josef het aange-
hou om vir hulle brood te gee
in ruil vir hulle perde en die
vee van die skaapkuddes en die
vee van die beeskuddes en die
esels,[i] en hy het hulle geduren-
de daardie jaar van brood voor-
sien in ruil vir al hulle vee.

18 Geleidelik het daardie
jaar ten einde geloop, en hul-
le het die volgende jaar na hom
toe begin kom en vir hom ge-
sê: "Ons sal dit nie vir my heer
wegsteek nie, maar die geld en

HFST. 47
a Ge 45:10 Eks 8:22
b Han 7:13
c Ge 46:33
d Ge 31:18
e Ge 12:16 Ge 26:14 Ge 46:34
f Ge 15:13 De 26:5 Ps 105:23 Jes 52:4 Han 7:6
g Jl 1:18
h Han 7:11
i Ge 45:10
j Ge 42:34
k Ge 13:10 Ge 45:18
l Ge 46:34
m Spr 22:29
n 1Kr 27:31
o Eks 12:32 1Sa 13:10 2Kn 10:15
p 1Kr 29:15 Ps 39:12 Heb 11:9
q Job 14:1 Jak 4:14
r Ge 25:7 Ge 35:28 Eks 6:4
s 2Sa 19:39 1Kn 8:66

Tweede kol.
a Ge 45:10 Eks 1:11 Eks 12:37 Nu 33:3
b Spr 11:25 1Ti 5:8
c Ge 50:8
d Ge 41:31
e Ge 41:30
f Ge 41:56 Ge 44:25
g Eks 16:3
h Pr 7:12 Klg 1:11
i 1Kn 10:28

die kuddes mak diere is aan my
heer oorbetaal.[a] Voor my heer
bly daar niks oor nie, behal-
we ons liggaam en ons grond.[b]
**19** Waarom moet ons voor u oë
sterf,[c] ons sowel as ons grond?
Koop ons en ons grond vir
brood,[d] en ons met ons grond
sal Farao se slawe word; en
gee vir ons saad dat ons kan
lewe en nie sterf nie en dat
ons grond nie woes word nie."[e]
**20** So het Josef al die grond van
die Egiptenaars vir Farao ge-
koop,[f] want die Egiptenaars het
elkeen sy stuk grond verkoop,
want die hongersnood het hulle
stewig in sy greep gekry; en die
grond het Farao s'n geword.

**21** Wat die volk betref, hy
het hulle na stede verskuif, van
die een end van die gebied van
Egipte tot die ander end daar-
van.[g] **22** Net die grond van
die priesters het hy nie ge-
koop nie,[h] want die rantsoene
van die priesters het van Fa-
rao af gekom en hulle het hul-
le rantsoene geëet wat Farao
hulle gegee het.[i] Daarom het
hulle nie hulle grond verkoop
nie.[j] **23** Toe het Josef vir die
volk gesê: "Kyk, ek het julle en
julle grond vandag vir Farao ge-
koop. Hier is saad vir julle,
en julle moet die grond daar-
mee besaai.[k] **24** Wanneer dit
opbrengs gelewer het,[l] moet jul-
le 'n vyfde aan Farao gee,[m]
maar vier dele sal julle s'n word
as saad vir die land en as voed-
sel vir julle en vir dié wat in
julle huise is en vir julle kin-
dertjies om te eet."[n] **25** Ge-
volglik het hulle gesê: "U het
ons lewe bewaar.[o] Laat ons
guns in die oë van my heer
vind, en ons sal Farao se sla-
we word."[p] **26** En Josef het
dit tot vandag toe as 'n ver-
ordening vasgestel met betrek-
king tot die grondeiendom van
Egipte, dat 'n vyfde aan Farao
moet behoort. Net die grond
van die priesters as 'n afsonder-
like groep het nie Farao s'n ge-
word nie.[a]

**27** En Israel het in Egipte-
land, in die land Gosen,[b] ge-
woon; en hulle het hulle daar-
in gevestig en was vrugbaar en
het talryk geword.[c] **28** En Ja-
kob het nog sewentien jaar in
Egipteland gelewe, sodat Jakob
se dae, die jare van sy lewe,
honderd-sewe-en-veertig jaar
was.[d]

**29** Geleidelik het die dae na-
der gekom vir Israel om te
sterf.[e] Daarom het hy sy seun
Josef geroep en vir hom gesê:
"As ek nou guns in jou oë ge-
vind het, sit dan asseblief jou
hand onder my dy,[f] en jy moet
liefderyke goedhartigheid en
trou teenoor my bewys.[g] (Moet
my asseblief nie in Egipte be-
grawe nie.)[h] **30** En ek sal met
my vaders ontslaap,[i] en jy moet
my uit Egipte neem en my in
hulle graf begrawe."[j] Toe het hy
gesê: "Ek sal doen ooreenkom-
stig u woord." **31** Toe het hy
gesê: "Sweer vir my." En hy het
vir hom gesweer.[k] Daarop het
Israel hom oor die koppenent
van die slaapbank neergebuig.[l]

**48** En ná hierdie dinge is
daar vir Josef gesê: "Kyk,
jou vader word swak." Daarop
het hy sy twee seuns Manas'se
en E'fraim[m] saam met hom ge-
neem. **2** Toe is daar aan Jakob
berig gebring en gesê: "Kyk, u
seun Josef het na u toe gekom."
En Israel het sy kragte inge-
span en regop gesit op sy slaap-
bank. **3** En Jakob het vir Jo-
sef gesê:

"God die Almagtige het aan
my verskyn by Lus,[n] in die land

**HFST. 47**
a Ne 5:3
b Ne 5:2; Mr 8:37
c Job 2:4
d Klg 4:9
e Heb 2:15
f Spr 11:26
g Ge 41:48; Ps 33:19; Ps 107:36
h Ge 41:45
i Ne 13:13; Mt 10:10; 1Ko 9:13
j Esr 7:24
k Ge 45:6; Ps 41:1; 2Ko 9:10
l Ps 85:12; Ps 107:37
m Ge 41:34; 1Sa 8:15; Ro 13:7
n Spr 12:11; 1Ti 5:18
o Ge 45:5; Spr 11:26; Han 7:11
p Ge 47:19; Spr 14:21

**Tweede kol.**
a Ge 47:22
b Ge 47:4
c Eks 1:7; De 10:22; Ps 105:24; Han 7:17
d Ge 47:9
e Ge 49:33; Heb 11:21
f Ge 24:9
g Ge 24:49
h Ge 46:4; Ge 50:13; Han 7:16
i Ge 49:33
j Ge 25:9; Ge 49:29
k Ge 50:5
l 1Kn 1:47; Heb 11:21

**HFST. 48**
m Ge 41:50; Jos 14:4
n Ge 28:19

Kanaän, sodat hy my kon seën.[a]
**4** En hy het vir my gesê: ‘Kyk,
ek maak jou vrugbaar,[b] en ek
sal jou baie maak en ek sal jou
’n versameling van volke[c] laat
word en ek sal hierdie land
aan jou saad ná jou gee as ’n
besitting tot onbepaalde tyd.’[d]
**5** En nou, jou twee seuns wat
vir jou in Egipteland gebore is
voordat ek hier na jou in Egip-
te gekom het, hulle is dan nou
myne.[e] E′fraim en Manas′se sal
myne word soos Ruben en Si′-
meon.[f] **6** Maar jou nakome-
linge van wie jy ná hulle va-
der sal word, sal joune word.
Tesame met die naam van hul-
le broers sal hulle in hulle erf-
deel genoem word.[g] **7** En wat
my betref, toe ek van Paddan[h]
af gekom het, het Ragel aan my
sy in die land Kanaän gesterf,[i]
op die reis terwyl daar nog ’n
goeie ent pad was voordat ons
by Efrat[j] sou kom, sodat ek
haar daar op pad na Efrat, dit
wil sê Betlehem,[k] begrawe het.”

**8** Toe het Israel Josef se
seuns gesien en gesê: “Wie is
dit?”[l] **9** En Josef het vir sy
vader gesê: “Dit is my seuns
wat God my in hierdie plek ge-
gee het.”[m] Hierop het hy ge-
sê: “Bring hulle asseblief na my
toe sodat ek hulle kan seën.”[n]
**10** En Israel se oë was dof van
ouderdom.[o] Hy kon nie sien
nie. Gevolglik het hy hulle na
aan hom gebring, en toe het hy
hulle gesoen en hulle omhels.[p]
**11** En Israel het vir Josef gesê:
“Ek het geen gedagte gehad om
jou aangesig te sien nie,[q] maar
kyk, God het my ook jou nage-
slag laat sien.” **12** Daarna het
Josef hulle van sy knieë wegge-
neem, en hy het hom met sy ge-
sig na die aarde neergebuig.[r]

**13** Josef het hulle twee toe
geneem, E′fraim met sy regter-
hand links van Israel,[a] en Ma-
nas′se met sy linkerhand regs
van Israel,[b] en hulle naby hom
gebring. **14** Israel het egter
sy regterhand uitgesteek en dit
op E′fraim se kop gesit,[c] hoe-
wel hy die jongste was,[d] en sy
linkerhand op Manas′se se kop.[e]
Hy het sy hande doelbewus so
gelê, aangesien Manas′se die
eersgeborene was.[f] **15** En hy
het Josef geseën en gesê:[g]

“Die ware God voor wie
my vaders Abraham en
Isak gewandel het,[h]
Die ware God wat my ge-
durende my hele lewe
tot vandag toe as her-
der gelei het,[i]
**16** Die engel wat my uit alle
rampspoed verlos het,[j]
seën die seuns.[k]
En mag my naam oor hul-
le uitgeroep word en
die naam van my va-
ders, Abraham en Isak,[l]
En mag hulle tot ’n me-
nigte op die aarde toe-
neem.”[m]

**17** Toe Josef sien dat sy va-
der sy regterhand op E′fraim
se kop laat rus, het dit hom
mishaag,[n] en hy het sy vader
se hand probeer vasgryp om
dit van E′fraim se kop na Ma-
nas′se se kop oor te bring.[o]
**18** Josef het derhalwe vir sy
vader gesê: “Nie so nie, my va-
der, want hý is die eersgebo-
rene.[p] Sit u regterhand op sy
kop.” **19** Maar sy vader het
bly weier en gesê: “Ek weet
dit, my seun, ek weet dit. Ook
hy sal ’n volk word en ook hy
sal groot word.[q] Maar sy jong-
ste broer sal nietemin groter
as hy word,[r] en sy nageslag
sal die volle ekwivalent van
nasies word.”[s] **20** En hy het

**HFST. 48**

a Ge 28:13; Ho 12:4
b Ge 28:14; Ge 32:12
c Ge 28:3; Ge 35:11; Han 7:17
d Ge 28:13; De 32:8; Am 9:15; Han 7:5
e Jos 14:4; 1Kr 5:1
f Ge 35:23
g Jos 13:29; Jos 16:5; Ps 77:15
h Ge 33:18; Ho 12:12
i Ge 35:19
j Rut 4:11; Mi 5:2
k 1Sa 17:12; Mt 2:6
l Ge 27:18
m Ge 41:50
n Ge 27:4; Ge 28:1; De 33:1; Heb 11:21
o Ge 27:1; Pr 12:3
p Ge 27:26
q Ge 37:35; Ge 42:36; Ge 46:30
r Ge 18:2; Ge 33:3

**Tweede kol.**

a Ge 41:52
b Ge 41:51; Ps 89:13; Han 2:34; Ef 1:20
c Eks 15:6; Ps 110:1; 1Pe 3:22; Op 1:17
d Ge 25:23
e Mr 10:16
f Ge 41:51; Ge 46:20
g 1Kr 5:2
h Ge 17:1; Ge 24:40
i Ge 28:13; Ps 23:1; 1Pe 2:25
j Ge 28:15; Ge 31:11; Eks 15:13; Job 19:25; Ps 34:7
k Ge 32:26
l Ge 32:28; Jes 44:5
m Eks 1:7; Nu 26:34; Nu 26:37
n Ro 9:16
o 1Sa 16:7
p Ge 41:51; De 21:17
q Ge 17:20
r Nu 2:19; Nu 2:21

s Ge 25:23; Nu 1:33; Nu 1:35; De 33:17; Jer 31:9.

voortgegaan om hulle dié dag te seën[a] en gesê:

"Laat Israel deur middel van jou herhaaldelik 'n seën uitspreek en sê:
'Mag God jou maak soos E′fraim en soos Manas′se.'"[b]

So het hy E′fraim voor Manas′se bly stel.[c]

21 Daarna het Israel vir Josef gesê: "Kyk, ek is sterwend,[d] maar God sal voortdurend met julle wees en julle na die land van julle voorvaders te-
rugbring.[e] 22 Wat my betref,
ek gee jou een stuk land meer as jou broers,[f] wat ek met my swaard en met my boog uit die hand van die Amoriete geneem het."

49 Later het Jakob sy seuns geroep en gesê: "Kom bymekaar sodat ek vir julle kan sê wat aan die einde van die dae
met julle sal gebeur. 2 Kom
bymekaar en luister, o seuns van Jakob, ja, luister na julle vader Israel.[g]

3 "Ruben, jy is my eersgeborene,[h] my krag en die begin van my voortplantingsvermoë,[i] die uitnemendste in waardigheid en die uitnemendste in sterkte.
4 Met roekelose losbandigheid soos waters sal jy nie uitmunt nie,[j] want jy het op die bed van jou vader geklim.[k] In daardie tyd het jy my rusbed ontheilig.[l] Hy het daarop geklim!

5 "Si′meon en Levi is broers.[m] Instrumente van geweld is hulle moordwapens.[n]
6 Moenie in hulle intieme groep kom nie,[o] o my siel. Moenie met hulle vergadering verenig word nie,[p] o my gemoed, want in hulle toorn het hulle manne doodgemaak,[q] en in hulle eiemagtigheid het hulle bulle se hakskeensenings afgesny.
7 Mag hulle toorn vervloek wees,[a] want dit is wreed,[b] en hulle grimmigheid, want dit handel hardvogtig.[c] Laat ek hulle in Jakob verdeel en laat ek hulle in Israel verstrooi.[d]

8 "Wat jou betref, Juda,[e] jou broers sal jou prys.[f] Jou hand sal agter op die nek van jou vyande wees.[g] Die seuns van jou vader sal hulle voor jou neerwerp.[h]
9 Juda is 'n leeuwelpie.[i] Van die prooi af, my seun, sal jy beslis opklim. Hy het hom neergebuig, hy het hom uitgestrek soos 'n leeu en, soos 'n leeu, wie waag dit om hom op te jaag?[j]
10 Die septer sal van Juda nie wyk nie,[k] ook nie die aanvoerderstaf tussen sy voete uit nie, totdat Silo kom;[l] en aan hom sal die gehoorsaamheid van die volke behoort.[m]
11 Sy volgroeide esel maak hy aan 'n wingerdstok vas en die afstammeling van sy eselin aan 'n uitgesoekte wingerdstok; hy sal beslis sy klere in wyn was en sy kleed in druiwebloed.[n]
12 Donkerrooi is sy oë van wyn, en die wit van sy tande is van melk.

13 "Se′bulon sal by die seestrand woon,[o] en hy sal by die strand wees waar die skepe geanker lê;[p] en sy afgeleë sy sal na Sidon toe wees.[q]

14 "Is′saskar[r] is 'n sterkgebeende esel, wat tussen die
twee saalsakke lê. 15 En hy
sal sien dat die rusplek goed is en dat die land lieflik is; en hy sal sy skouer buig om laste te dra en hy sal aan slaafse dwangarbeid onderwerp word.

16 "Dan sal sy volk rig as een van die stamme van Israel.[s]
17 Laat Dan 'n slang langs die pad wees, 'n horingslang langs

HFST. 48
a Heb 11:21
b De 10:22
c De 33:17; De 34:2; Jos 17:17
d Ge 50:24
e Ge 15:14; Ge 26:3; De 31:8
f De 21:17; Jos 17:14; Ese 47:13

HFST. 49
g Ge 49:28
h Ge 29:32; Eks 6:14; 1Kr 5:1
i De 21:17; Ps 78:51
j De 33:6
k Ge 35:22
l Le 18:8; De 27:20; 1Ko 5:1
m Ge 29:33; Ge 29:34; Ge 35:23
n Ge 34:25
o Ps 64:2
p Ps 26:5
q Ge 34:7; Ro 12:19

Tweede kol.
a Spr 22:24; Ef 4:31
b Spr 11:17
c Ge 34:25
d Jos 19:1; Jos 21:41
e Ge 29:35
f Ge 43:9; Ge 46:28; 1Kr 5:2
g Jos 10:24; Rig 1:2; 2Sa 22:41
h Nu 10:14; De 33:7; 2Sa 5:3
i Ho 5:14; Op 5:5
j Nu 24:9
k Nu 24:17; 2Sa 2:4; 2Sa 7:16
l Jes 9:6; Ese 21:27; Lu 1:32; Heb 7:14
m De 18:18; Ps 2:8; Jes 11:10; Mt 2:6; Joh 10:16; Op 7:9
n Jes 63:2
o De 33:19; Jes 9:1
p Mt 4:13
q Jos 19:10
r De 33:18; Jos 19:17; 1Kr 7:5
s Rig 13:2; Rig 13:24; Rig 15:20

die weg, wat die hakskene van
die perd byt sodat sy ruiter
agteroorval.[a] **18** Ek sal inder-
daad wag op redding van u, o Je-
hovah.[b]
**19** “Wat Gad betref, ’n ro-
werbende sal hom oorval, maar
hy sal die uiterste agterhoede
oorval.[c]
**20** “Uit Aser sal sy brood vet
wees,[d] en hy sal die lekkernye
van ’n koning gee.[e]
**21** “Naf′tali[f] is ’n lenige tak-
bokooi. Hy uiter elegante woor-
de.[g]
**22** “Loot van ’n vrugdraende
boom,[h] Josef is die loot van ’n
vrugdraende boom by die fon-
tein,[i] wat sy takke uitstoot oor
’n muur.[j] **23** Maar die boog-
skutters het aangehou om hom
te teister en na hom geskiet en
was hom voortdurend vyandig-
gesind.[k] **24** En tog het sy
boog op ’n vaste plek gewoon,[l]
en die krag van sy hande was
soepel.[m] Vanuit die hande van
die Magtige van Jakob,[n] van-
daar is die Herder, die Steen
van Israel.[o] **25** Hy kom van
die God van jou vader af,[p] en hy
sal jou help;[q] en hy is by die Al-
magtige,[r] en hy sal jou seën met
die seëninge van die hemel daar
bo,[s] met die seëninge van die
waterdiepte wat daar onder lê,[t]
met die seëninge van die borste
en die moederskoot.[u] **26** Die
seëninge van jou vader sal in-
derdaad groter wees as die seë-
ninge van die ewige berge,[v] as
die sieraad van die heuwels wat
tot onbepaalde tyd bly.[w] Hulle
sal op die hoof van Josef bly, ja,
op die kroon van die hoof van
die een wat onder sy broers uit-
gesonder is.[x]
**27** “Benjamin sal bly ver-
skeur soos ’n wolf.[y] In die og-
gend sal hy die verowerde dier
eet en in die aand sal hy buit
verdeel.”[a]
**28** Hulle almal is die twaalf
stamme van Israel, en dit is wat
hulle vader vir hulle gesê het
toe hy hulle geseën het. Hy het
hulle elkeen geseën volgens sy
eie seën.[b]
**29** Daarna het hy hulle be-
veel en vir hulle gesê: “Ek word
tot my volk versamel.[c] Begra-
we my by my vaders in die
grot wat in die veld van Efron,
die Hetiet, is,[d] **30** in die grot
wat in die veld van Magpe′-
la is wat teenoor Mamre in die
land Kanaän lê, die veld wat
Abraham van Efron, die Hetiet,
gekoop het om ’n graf te besit.[e]
**31** Daar het hulle Abraham en
sy vrou Sara begrawe.[f] Daar
het hulle Isak en sy vrou Re-
bekka begrawe,[g] en daar het ek
Lea begrawe. **32** Die gekoop-
te veld en die grot wat daarin is,
het van die seuns van Het ge-
kom.”[h]
**33** So het Jakob aan die ein-
de gekom van die bevele aan sy
seuns. Toe het hy sy voete op
die slaapbank teruggetrek en
gesterf en is hy tot sy volk ver-
samel.[i]

**50** Toe het Josef op die ge-
sig van sy vader geval[j]
en oor hom in trane uitge-
bars en hom gesoen.[k] **2** Daar-
na het Josef sy knegte, die ge-
neeshere, beveel om sy vader te
balsem.[l] Toe het die geneeshe-
re Israel gebalsem, **3** en hulle
het ’n volle veertig dae vir hom
gebruik, want hulle gebruik ge-
woonlik soveel dae vir die bal-
seming, en die Egiptenaars het
sewentig dae lank oor hom ge-
huil.[m]
**4** Uiteindelik was die dae
van die gehuil oor hom verby,
en Josef het met Farao se huis

**HFST. 49**

a De 33:22; Rig 14:19; Rig 15:15
b Ps 14:7
c De 33:20; Jos 13:8
d De 32:14; Ps 81:16
e De 33:24; Jos 19:24; 1Kn 4:7; 1Kn 4:16
f De 33:23; Jos 19:32; Mt 4:15
g Mt 4:13; Joh 7:46
h Eks 1:5
i De 33:13; Jos 16:1
j De 33:17
k Ge 37:8; Ge 40:15
l Ge 50:20
m Nu 13:8; Jos 1:6; Jos 8:18; Rig 6:14; Rig 11:32
n Ps 80:1
o Ge 45:7; Ge 50:20; Jes 28:16; Mt 21:42; 1Pe 2:4
p Joh 17:3
q Flp 4:19
r Heb 10:12
s Mal 3:10
t De 33:13; Jes 11:9
u Jes 59:21
v Jos 17:14
w Jes 54:10
x De 33:16; Han 7:9
y De 33:12; Rig 20:16; 1Sa 9:16

**Tweede kol.**

a Est 2:5; Est 8:7
b Heb 11:21
c Ge 35:29; Ge 49:33
d Ge 23:17
e Ge 23:20
f Ge 23:19; Ge 25:10
g Ge 35:29
h Ge 23:18
i Ge 25:8; Ps 116:15; Mt 22:32; Han 7:15

**HFST. 50**

j Ge 46:4
k Pr 7:2; Joh 11:35; Han 8:2
l Ge 50:26
m Nu 20:29

gepraat en gesê: “As ek nou
guns in julle oë gevind het,[a]
praat dan asseblief ten aan-
hore van Farao en sê: **5** ‘My
vader het my laat sweer[b] en
gesê: “Kyk! Ek is sterwend.[c] In
my graf wat ek vir my in die
land Kanaän uitgegrawe het,[d]
daar moet jy my begrawe.”[e] En
laat my nou asseblief optrek
en my vader begrawe, waarna
ek bereid is om terug te kom.’ ”
**6** Gevolglik het Farao gesê:
“Trek op en begrawe jou vader
net soos hy jou laat sweer het.”[f]
**7** Toe het Josef opgetrek om
sy vader te begrawe, en saam
met hom het al Farao se knegte
opgetrek, die ouer manne[g] van
sy huis en al die ouer manne
van Egipteland, **8** en Josef se
hele huis en sy broers en die
huis van sy vader.[h] Net hul-
le kindertjies en hulle klein-
vee en hulle beeste het hulle
in die land Gosen agtergelaat.
**9** Ook het strydwaens[i] sowel
as ruiters saam met hom opge-
trek, en die kamp was baie tal-
ryk. **10** Toe het hulle by die
dorsvloer[j] van Atad gekom, wat
in die Jordaanstreek[k] is, en
daar het hulle ’n baie groot en
swaar weeklag gehou, en hy het
die rouplegtigheid vir sy vader
sewe dae laat duur.[l] **11** En die
inwoners van die land, die Ka-
naäniete, het die rouplegtig-
heid op die dorsvloer van Atad
gesien, en hulle het uitgeroep:
“Dit is ’n swaar rou vir die Egip-
tenaars!” Daarom is dit A′bel-
Misra′im genoem, wat in die
Jordaanstreek lê.[m]
**12** En sy seuns het vir hom
gedoen presies soos hy hulle
beveel het.[n] **13** Sy seuns het
hom dus na die land Kanaän
geneem en hom begrawe in die
grot van die veld van Magpe′la,
teenoor Mamre,[o] die veld wat
Abraham van Efron, die Hetiet,
gekoop het om ’n graf te besit.
**14** Daarna het Josef, nadat hy
sy vader begrawe het, na Egip-
te teruggekeer, hy en sy broers
en almal wat saam met hom op-
getrek het om sy vader te be-
grawe.
**15** Toe die broers van Josef
sien dat hulle vader dood is,
het hulle begin sê: “Miskien is
Josef ons vyandiggesind[a] en sal
hy ons vir seker vergeld vir al
die kwaad wat ons hom aan-
gedoen het.”[b] **16** Daarom het
hulle ’n bevel aan Josef oorge-
dra met dié woorde: “U vader
het voor sy dood die bevel ge-
gee en gesê: **17** ‘Só moet jul-
le vir Josef sê: “Ek smeek jou,
vergewe[c] asseblief die opstan-
digheid van jou broers en hulle
sonde, deurdat hulle jou kwaad
aangedoen het.” ’[d] En vergewe
nou asseblief die opstandigheid
van die knegte van u vader se
God.”[e] En Josef het in trane uit-
gebars toe hulle met hom praat.
**18** Daarna het sy broers ook
gekom en voor hom neergeval
en gesê: “Kyk, ons is u sla-
we!”[f] **19** Toe het Josef vir hul-
le gesê: “Moenie bang wees nie,
want is ek in die plek van God?[g]
**20** Wat julle betref, julle het
kwaad teen my in gedagte ge-
had. God het dit ten goede
in gedagte gehad met die doel
om soos vandag op te tree
om baie mense in die lewe te
hou.[h] **21** Moet dan nou nie
bang wees nie. Ek sal aanhou
om julle en julle kindertjies
van voedsel te voorsien.”[i] So
het hy hulle vertroos en gerus-
stellend met hulle gepraat.
**22** En Josef het in Egipte ge-
woon, hy en die huis van sy va-
der; en Josef het honderd-en-
tien jaar lank gelewe. **23** En
Josef het E′fraim se kinders

**HFST. 50**
a Ge 18:3
b Ge 47:31, Mt 5:33, Heb 6:16
c Ge 48:21, 1Ko 15:22
d Ge 23:17, Ge 49:30
e Ge 46:4, Ge 47:29, Joh 19:38
f Ge 47:31
g Ps 105:22, Han 4:8
h Ge 32:5, Ge 46:27
i Ge 41:43, Ge 46:29, Han 8:28
j Mt 3:12
k De 1:1
l 1Sa 31:13, Mr 5:38
m Ge 10:19
n Ge 47:29, Ge 49:29, Ef 6:1
o Ge 23:17, Ge 25:9, Ge 35:27, Ge 49:30

**Tweede kol.**
a Ge 27:41, Le 19:17, Spr 19:11, Spr 28:1
b Ge 37:28, Ge 42:21, Ps 105:17, Spr 24:29, Lu 17:3, Ro 12:17, 1Ko 13:5
c Mt 6:12, Mt 18:35, Lu 17:3, Ef 4:32
d Ge 37:28, 1Sa 24:17, Spr 28:13, Ro 13:10
e 2Ko 7:10
f Ge 37:7, Ef 6:7
g De 32:35, Ro 12:19
h Ge 37:18, Ge 45:5, Ps 105:17, Ps 119:71, Ro 8:28
i Ge 47:12, 1Pe 3:9

van die derde geslag gesien,[a]
ook die kinders van Magir,[b] Ma-
nas′se se seun. Hulle is op Josef
se knieë gebore.[c] **24** Eindelik
het Josef vir sy broers gesê: "Ek
is sterwend; maar God sal onge-
twyfeld sy aandag op julle rig,[d]
en hy sal julle beslis uit hier-
die land laat optrek na die land
wat hy aan Abraham, aan Isak
en aan Jakob met 'n eed beloof
het."[a] **25** Josef het die seuns
van Israel derhalwe laat sweer
en gesê: "God sal ongetwyfeld
sy aandag op julle rig. Dan moet
julle my beendere hiervandaan
opneem."[b] **26** Daarna het Jo-
sef op die ouderdom van hon-
derd-en-tien jaar gesterf; en
hulle het hom laat balsem,[c] en
hy is in Egipte in 'n doodskis ge-
sit.

HFST. 50
a 1Kr 7:20
b Jos 17:1; 1Kr 7:14
c Ge 30:3
d Eks 4:31

Tweede kol.
a Ge 12:7; Ge 17:8; Ge 26:3; Ge 28:13
b Eks 13:19; Jos 24:32; Heb 11:22
c Ge 50:2

# EKSODUS

**1** En dít is die name van Is-
rael se seuns wat saam
met Jakob na Egipte gekom
het; elke man en sy huisgesin
het gekom:[a] **2** Ruben,[b] Si′me-
on,[c] Levi[d] en Juda,[e] **3** Is′sas-
kar,[f] Se′bulon[g] en Benjamin,[h]
**4** Dan[i] en Naf′tali,[j] Gad[k] en
Aser.[l] **5** En al die siele wat
uit Jakob se lendene voortge-
kom het,[m] was sewentig siele,
maar Josef was reeds in Egip-
te.[n] **6** Uiteindelik het Josef
gesterf,[o] en ook al sy broers en
daardie hele geslag. **7** En die
kinders van Israel het vrugbaar
geword en die land het van hul-
le begin wemel; en hulle het bly
vermeerder en buitengewoon
vinnig magtiger geword, sodat
die land vol van hulle geword
het.[p]

**8** Na verloop van tyd het
daar 'n nuwe koning oor Egip-
te opgestaan wat Josef nie ge-
ken het nie.[q] **9** En hy het
vir sy volk gesê: "Kyk! Die volk
van die kinders van Israel is
talryker en magtiger as ons.[r]
**10** Kom! Laat ons op sluwe
wyse met hulle handel,[s] sodat
hulle nie kan vermeerder en, as
oorlog oor ons kom, dan beslis
ook by ons haters gevoeg word
en teen ons veg en uit die land
optrek nie."

**11** Toe het hulle hoofde van
dwangarbeid oor hulle aange-
stel om hulle te onderdruk in
die las wat hulle gedra het;[a] en
hulle het stede as opslagplekke
vir Farao gebou, naamlik Pitom
en Raäm′ses.[b] **12** Maar hoe
meer hulle hulle onderdruk het,
hoe meer het hulle vermeerder
en hoe meer het hulle uitgebrei,
sodat hulle 'n ontsettende vrees
gevoel het as gevolg van die
kinders van Israel.[c] **13** Ge-
volglik het die Egiptenaars die
kinders van Israel onder ti-
rannie slawearbeid laat verrig.[d]
**14** En hulle het aangehou om
hulle lewe bitter te maak deur
harde slawearbeid met messel-
klei[e] en stene en deur elke
vorm van slawearbeid in die
veld,[f] ja, elke vorm van slawe-
arbeid waarin hulle hulle onder
tirannie as slawe gebruik het.[g]

**15** Later het die koning van
Egipte vir die Hebreeuse vroed-
vroue[h]—die naam van die een
was Sifra en die naam van die
ander Pua—gesê, **16** ja, hy
het so ver gegaan om te sê:
"Wanneer julle die Hebreeuse
vroue help om geboorte te gee

HFST. 1
a Ge 46:8
b Eks 6:14
c Eks 6:15
d Eks 2:1; Eks 6:16
e 1Kr 2:3; Heb 7:14
f Ge 46:13
g Ge 46:14
h Ge 46:21
i Ge 46:23
j 1Kr 7:13
k Ge 46:16
l 1Kr 7:30
m Ge 46:26
n De 10:22; Han 7:14
o Ge 50:26
p Ge 46:3; De 26:5; Han 7:17
q Han 7:18
r Nu 22:3; Ps 105:24
s Ps 105:25; Spr 21:30; Han 7:19; 1Ko 3:19

Tweede kol.
a Ge 15:13; Eks 3:7; Nu 20:15; De 26:6; Han 7:34
b Ge 47:11
c Ps 105:24; Ps 105:38
d Eks 2:23; Spr 14:31; Han 7:6
e Na 3:14
f Eks 5:7; Ps 81:6
g Eks 20:2; Le 25:43; Le 26:13; Spr 29:2; Jes 14:6
h Ge 35:17; Ge 38:28; Ese 16:4

en julle hulle op die geboorte-
stoel sien, moet julle, as dit ’n
seun is, hom doodmaak; maar
as dit ’n dogter is, dan moet
sy lewe.” **17** Die vroedvroue
het egter die ware God ge-
vrees,[a] en hulle het nie gedoen
soos die koning van Egipte vir
hulle gesê het nie,[b] maar hul-
le het die seuntjies laat le-
we.[c] **18** Na verloop van tyd
het die koning van Egipte die
vroedvroue geroep en vir hul-
le gesê: “Waarom het julle dit
gedoen, deurdat julle die seun-
tjies laat lewe het?”[d] **19** Hier-
op het die vroedvroue vir Fa-
rao gesê: “Omdat die Hebreeuse
vroue nie soos die Egiptiese
vroue is nie. Omdat hulle sterk
is, het hulle reeds geboorte ge-
gee voordat die vroedvrou by
hulle kan kom.”

**20** Daarom het God aan die
vroedvroue goed gedoen;[e] en
die volk het voortgegaan om
talryker en baie magtig te word.
**21** En omdat die vroedvroue
die ware God gevrees het, het
hy later aan hulle gesinne ge-
skenk.[f] **22** Uiteindelik het Fa-
rao sy hele volk beveel en ge-
sê: “Al die pasgebore seuntjies
moet julle in die Nylrivier gooi,
maar al die dogtertjies moet jul-
le laat lewe.”[g]

**2** Intussen het ’n sekere man
van die huis van Levi ge-
gaan en ’n dogter van Levi
geneem.[h] **2** En die vrou het
swanger geword en aan ’n seun
geboorte gegee. Toe sy sien
hoe mooi hy is, het sy hom
drie maanmaande[i] lank wegge-
steek.[j] **3** Toe sy hom nie lan-
ger kon wegsteek nie,[k] het sy
vir hom ’n mandjie van papirus
geneem en dit met asfalt en pik
bestryk[l] en die kind daarin ge-
sit en dit tussen die riete[m] aan
die oewer van die Nylrivier ge-
sit. **4** En sy suster het op ’n
afstand gaan staan om te sien
wat met hom gedoen sou word.[a]

**5** Na ’n ruk het Farao se dog-
ter afgekom om in die Nylrivier
te bad, en haar dienaresse het
aan die kant van die Nylrivier
geloop. En sy het die mandjie
tussen die riete gesien. Onmid-
dellik het sy haar slavin ge-
stuur om dit te gaan haal.[b]
**6** Toe sy dit oopmaak, het sy die
kind gesien, en kyk, die seuntjie
het gehuil. Daarop het sy mede-
lye vir hom gevoel,[c] hoewel sy
gesê het: “Dit is een van die kin-
ders van die Hebreërs.” **7** Toe
het sy suster vir Farao se dog-
ter gesê: “Sal ek spesiaal vir
u ’n soogvrou uit die Hebreeu-
se vroue gaan roep sodat sy die
kind vir u kan soog?” **8** En Fa-
rao se dogter het vir haar gesê:
“Gaan!” Dadelik het die meisie
die kind se moeder gaan roep.[d]
**9** Farao se dogter het toe vir
haar gesê: “Neem hierdie kind
saam met jou en soog hom
vir my, en ek sal jou jou loon
gee.”[e] Gevolglik het die vrou die
kind geneem en hom gesoog.
**10** En die kind het grootge-
word. Toe het sy hom na Farao
se dogter toe gebring, sodat hy
vir haar ’n seun geword het;[f] en
sy het hom Moses genoem en
gesê: “Want ek het hom uit die
water getrek.”[g]

**11** En in dié dae, terwyl Mo-
ses sterk geword het, het hy
na sy broers uitgegaan om te
kyk na die las wat hulle gedra
het;[h] en hy het ’n sekere Egip-
tenaar gesien wat ’n sekere He-
breër, een van sy broers, slaan.[i]
**12** En hy het hierdie kant toe
en daardie kant toe gedraai en
gesien dat daar niemand in sig
is nie. Toe het hy die Egipte-
naar doodgemaak en hom in die
sand weggesteek.[j]

**HFST. 1**
a Ne 5:15, Spr 8:13
b Da 3:16, Da 6:13, Mt 10:28, Han 5:29
c Ge 9:6
d Pr 8:4
e Ps 41:2, Spr 11:18, Spr 19:17, Pr 8:12, Jes 3:10, Lu 1:50, Heb 6:10
f Ps 107:41, Ps 127:3
g Ps 105:25, Mt 2:16, Han 7:19

**HFST. 2**
h Eks 6:20, Nu 26:59
i Han 7:20, Heb 11:23
j 2Kn 11:2
k Han 7:19
l Ge 6:14, Ge 14:10
m Job 8:11

**Tweede kol.**
a Eks 15:20, 1Kr 6:3, Mi 6:4
b Han 7:21
c 1Kn 8:50, Ps 106:46, 1Pe 3:8
d Eks 6:20
e 1Ti 5:18
f Heb 11:24
g Han 7:21
h Eks 1:11, Eks 3:7, Han 7:23
i Eks 5:14
j Han 7:24, Heb 11:24

**13** Hy het egter die volgen-
de dag uitgegaan, en kyk, daar
was twee Hebreeuse manne wat
met mekaar baklei. Toe het hy
vir die een wat verkeerd was,
gesê: “Waarom slaan jy jou met-
gesel?”[a] **14** Hierop het hy ge-
sê: “Wie het jou as ’n vors en
regter oor ons aangestel?[b] Is
jy van plan om my dood te
maak net soos jy die Egipte-
naar doodgemaak het?”[c] Moses
het toe bang geword en gesê:
“Die saak het beslis bekend ge-
word!”[d]

**15** Daarna het Farao van
hierdie saak te hore gekom,
en hy het Moses probeer dood-
maak;[e] maar Moses het van Fa-
rao af gevlug[f] om in die land
Mi′dian[g] te woon; en hy het
by ’n put gaan sit. **16** En die
priester[h] van Mi′dian het sewe
dogters gehad, en hulle het
soos gewoonlik water kom skep
en die watervore vol gemaak
om hulle vader se kleinvee wa-
ter te gee.[i] **17** En die herders
het soos gewoonlik gekom en
hulle verdryf. Hierop het Mo-
ses opgestaan en die vroue
gehelp en hulle kleinvee wa-
ter gegee.[j] **18** Toe hulle tuis-
kom by hulle vader Re′huel,[k]
het hy uitgeroep: “Hoe het jul-
le vandag so gou huis toe ge-
kom?” **19** Hierop het hulle ge-
sê: “ ’n Sekere Egiptenaar[l] het
ons uit die hand van die herders
verlos, en hy het boonop vir ons
water geskep om die kleinvee
water te gee.” **20** Toe het hy
vir sy dogters gesê: “Maar waar
is hy? Waarom het julle die man
agtergelaat? Roep hom, sodat
hy brood kan eet.”[m] **21** Daar-
na het Moses ingewillig om by
die man te woon, en hy het sy
dogter Sippo′ra[n] aan Moses ge-
gee. **22** Later het sy ’n seun
gebaar, en hy het hom Gersom[o]
genoem, want, het hy gesê: “ ’n
Inwonende vreemdeling het ek
in ’n vreemde land geword.”[a]

**23** En gedurende daardie
baie dae het die koning van
Egipte uiteindelik gesterf,[b]
maar die kinders van Israel
het steeds gesug weens die
slawearbeid en ’n klaaggeroep
laat opgaan,[c] en hulle hulpge-
roep het tot die ware God bly
opgaan weens die slawearbeid.[d]
**24** Met verloop van tyd het
God hulle gekerm[e] gehoor,[f] en
God het aan sy verbond met
Abraham, Isak en Jakob ge-
dink.[g] **25** Daarom het God die
kinders van Israel aangesien,
en God het daarvan kennis ge-
neem.

**3** En Moses het ’n herder ge-
word van die kleinvee van
Jetro,[h] die priester van Mi′dian,
wie se skoonseun hy was.[i] Ter-
wyl hy die kleinvee na die wes-
tekant van die wildernis gedryf
het, het hy eindelik gekom by
die berg van die ware God,[j] by
Horeb.[k] **2** Toe het Jehovah se
engel in ’n vuurvlam in ’n do-
ringbos aan hom verskyn.[l] Ter-
wyl hy bly kyk het, het die do-
ringbos met vuur gebrand, en
tog is die doringbos nie ver-
teer nie. **3** Hierop het Moses
gesê: “Laat ek tog uitdraai so-
dat ek hierdie groot verskynsel
kan bekyk, waarom die doring-
bos nie verbrand nie.”[m] **4** Toe
Jehovah sien dat hy uitdraai
om dit te bekyk, het God dade-
lik vanuit die doringbos na hom
geroep en gesê: “Moses! Moses!”
waarop hy gesê het: “Hier is
ek.”[n] **5** Toe het hy gesê: “Moe-
nie hier naby kom nie. Trek jou
sandale van jou voete af, want
die plek waar jy staan, is heili-
ge grond.”[o]

**6** En hy het verder gesê: “Ek
is die God van jou vader, die

**HFST. 2**

a Ge 13:8; Han 7:26
b Nu 16:13; Han 7:27
c Han 7:28
d Spr 19:12
e Eks 4:19
f Spr 22:3; Heb 11:27
g Ge 25:2; Eks 3:1
h Eks 18:12
i Ge 24:20
j Ge 29:10
k Eks 4:18; Eks 18:1; Nu 10:29
l Han 7:22
m Ge 19:3; Ge 24:31; Job 31:32; Ro 12:13; Heb 13:2
n Eks 18:2; Nu 12:1
o Eks 18:3; 1Kr 23:15

**Tweede kol.**

a Han 7:29
b Eks 4:19; Eks 7:7; Han 7:30
c Eks 6:5; Nu 20:16; De 26:7; Ps 12:5
d Eks 3:7; 1Kn 8:51; Ne 9:9; Ps 107:19
e Han 7:34
f Rig 2:18; Ne 9:27; 1Pe 5:7
g Ge 15:14; 2Kn 13:23; Ps 105:8

**HFST. 3**

h Eks 2:16; Eks 18:1
i Rig 1:16; Rig 4:11
j Eks 24:13
k Eks 17:6; 1Kn 19:8; Mal 4:4
l De 33:16; Han 7:30
m Ge 18:14; Da 3:27; Han 7:31
n 1Sa 3:4
o Jos 5:15; Han 7:33

God van Abraham, die God van
Isak en die God van Jakob.”[a]
Toe het Moses sy gesig ver-
berg, want hy was bang om na
die ware God te kyk. **7** En Je-
hovah het bygevoeg: “Ek het
ongetwyfeld die ellende gesien
van my volk wat in Egipte is,
en ek het hulle geroep gehoor
oor dié wat hulle dryf om te
werk; want ek weet goed wat-
ter pyn hulle ly.[b] **8** En ek daal
neer om hulle uit die hand van
die Egiptenaars te verlos[c] en
om hulle uit daardie land te
laat optrek na ’n goeie en uit-
gestrekte land, na ’n land wat
oorloop van melk en heuning,[d]
na die plek van die Kanaänie-
te en die Hetiete en die Amorie-
te en die Perissiete en die He-
wiete en die Jebusiete.[e] **9** En
nou, kyk! die geroep van die
kinders van Israel het tot by my
gekom, en ek het ook die onder-
drukking gesien waarmee die
Egiptenaars hulle onderdruk.[f]
**10** Kom dan nou en laat ek jou
na Farao toe stuur, en jy moet
my volk, die kinders van Israel,
uit Egipte uitlei.”[g]

**11** Moses het egter vir die
ware God gesê: “Wie is ek dat
ek na Farao toe sou gaan en
dat ek die kinders van Israel uit
Egipte moet uitlei?”[h] **12** Hier-
op het hy gesê: “Omdat ek met
jou sal wees,[i] en dít is vir jou die
teken dat ek jou gestuur het:[j]
Nadat jy die volk uit Egipte uit-
gelei het, sal julle die ware God
op hierdie berg dien.”[k]

**13** Moses het nietemin vir
die ware God gesê: “Gestel ek
kom nou by die kinders van Is-
rael en ek sê vir hulle: ‘Die God
van julle voorvaders het my na
julle toe gestuur’, en hulle sê
vir my: ‘Wat is sy naam?’[l] Wat
sal ek vir hulle sê?” **14** Hierop
het God vir Moses gesê: “EK SAL
WORD WAT EK SAL WORD.”[a] En
hy het bygevoeg: “Só moet jy
vir die kinders van Israel sê:
‘EK SAL WORD het my na jul-
le toe gestuur.’ ”[b] **15** Toe het
God weer eens vir Moses gesê:

“Só moet jy vir die kinders
van Israel sê: ‘Jehovah, die God
van julle voorvaders, die God
van Abraham,[c] die God van
Isak[d] en die God van Jakob,[e]
het my na julle toe gestuur.’ Dit
is my naam tot onbepaalde tyd,[f]
en dit is my gedagtenis van ge-
slag tot geslag.[g] **16** Gaan jy,
en jy moet die ouer manne van
Israel versamel, en jy moet vir
hulle sê: ‘Jehovah, die God van
julle voorvaders, het aan my
verskyn,[h] die God van Abra-
ham, Isak en Jakob, en het ge-
sê: “Ek sal vir seker aandag
skenk[i] aan julle en aan wat in
Egipte aan julle gedoen word.
**17** En daarom sê ek: Ek sal jul-
le uit die ellende[j] wat die Egip-
tenaars oor julle bring, laat
optrek na die land van die Ka-
naäniete en die Hetiete en die
Amoriete[k] en die Perissiete en
die Hewiete en die Jebusiete,[l]
na ’n land wat oorloop van melk
en heuning.” ’[m]

**18** “En hulle sal beslis na jou
stem luister,[n] en jy moet gaan,
jy en die ouer manne van Is-
rael, na die koning van Egip-
te toe, en julle moet vir hom sê:
‘Jehovah, die God van die He-
breërs,[o] het met ons in aanra-
king gekom,[p] en nou wil ons as-
seblief drie dagreise ver die
wildernis in trek, en ons wil of-
ferandes aan Jehovah ons God
bring.’[q] **19** En ek, ja ek, weet
goed dat die koning van Egip-
te julle nie toestemming sal gee
om te gaan nie, behalwe deur ’n
sterk hand.[r] **20** En ek sal my

**HFST. 3**

a Ge 26:24; Ge 32:9; Mt 22:32; Han 7:32
b Eks 1:11; Eks 6:5; Ps 106:44; Jes 63:9; Han 7:34
c Eks 12:51
d Nu 13:27; De 27:3
e Ge 10:16; Eks 33:2; De 7:1; Jos 3:10; Ne 9:8
f Eks 1:11
g 1Sa 12:6; Ps 105:26; Jes 63:11; Han 7:34
h Eks 6:12; 2Sa 7:18; Jer 1:6
i De 31:23; Jos 1:5; Jes 41:10; Ro 8:31; Flp 4:13
j Rig 6:17
k Eks 19:2; De 4:11
l Eks 15:3; 1Sa 17:45; Ps 96:8; Ps 135:13; Ho 12:5; Mt 21:9; Joh 17:26; Ro 10:13

**Tweede kol.**

a Le 11:45; Job 23:13; Jes 14:27; Da 4:35; Joh 12:28
b Eks 6:3; Eks 6:7; Ro 9:17
c Ge 17:7; Mt 22:32
d Ge 26:24
e Ge 28:13
f Ps 135:13
g Ps 30:4; Ps 102:12; Ho 12:5
h Ge 17:1; Ge 48:15
i Ge 50:24; Eks 13:19; Ps 80:14; Lu 1:68
j Ge 15:13; Le 26:13; Ne 9:9; Han 7:34
k Ge 15:16
l Eks 23:23
m Nu 13:27; De 8:7
n Eks 4:31; Eks 20:19
o Ge 14:13; Ge 40:15; Eks 10:3
p Eks 5:3
q Eks 7:16; Eks 8:27; Eks 10:26

r Eks 5:2; Eks 7:4; Eks 14:8; Ro 9:17.

hand moet uitsteek[a] en Egipte
moet tref met al my wonderli-
ke dade wat ek daarin sal doen;
en daarna sal hy julle uitstuur.[b]
**21** En ek sal aan hierdie volk
guns verleen in die oë van die
Egiptenaars; en wanneer julle
trek, sal julle nie met leë han-
de trek nie.[c] **22** En elke vrou
moet van haar buurvrou en van
die vrou wat as ’n vreemde-
ling in haar huis woon, silwer-
voorwerpe en goue voorwerpe
en mantels vra, en julle moet
dit op julle seuns en julle dog-
ters sit; en julle moet die Egip-
tenaars stroop.[d]

**4** Moses het egter geant-
woord en gesê: “Maar ge-
stel hulle glo my nie en luister
nie na my stem nie,[e] want hul-
le gaan sê: ‘Jehovah het nie aan
jou verskyn nie.’ ” **2** Toe het
Jehovah vir hom gesê: “Wat is
daar in jou hand?” waarop hy
gesê het: “ ’n Staf.”[f] **3** Daarna
het hy gesê: “Gooi dit op die
grond.” Toe het hy dit op die
grond gegooi, en dit het ’n slang
geword;[g] en Moses het daar-
voor begin vlug. **4** Jehovah
het toe vir Moses gesê: “Steek
jou hand uit en gryp dit aan
die stert.” Toe het hy sy hand
uitgesteek en dit gegryp, en dit
het ’n staf in sy palm geword.
**5** “Sodat”, soos hy dit gestel
het, “hulle kan glo dat Jehovah,
die God van hulle voorvaders,[h]
die God van Abraham,[i] die God
van Isak[j] en die God van Ja-
kob,[k] aan jou verskyn het.”[l]

**6** Toe het Jehovah weer eens
vir hom gesê: “Steek jou hand
asseblief in die boonste vou van
jou kleed.” En hy het sy hand in
die boonste vou van sy kleed ge-
steek. Toe hy dit uittrek, kyk,
toe was sy hand deur melaats-
heid aangetas, soos sneeu![m]
**7** Daarna het hy gesê: “Steek
jou hand terug in die boonste
vou van jou kleed.” En hy het
sy hand in die boonste vou van
sy kleed teruggesteek. Toe hy
dit uit die boonste vou van sy
kleed uittrek, kyk, toe was dit
weer soos die res van sy vlees![a]
**8** “En”, soos hy dit gestel het,
“as hulle jou nie glo nie en na
die stem van die eerste teken
nie luister nie, dan sal hulle be-
slis die stem van die laaste te-
ken glo.[b] **9** Maar as hulle selfs
hierdie twee tekens nie glo nie
en na jou stem nie luister nie,[c]
dan moet jy ’n bietjie water uit
die Nylrivier neem en dit op die
droë grond uitgooi; en die wa-
ter wat jy uit die Nylrivier sal
neem, sal beslis, ja, dit sal in-
derdaad bloed op die droë grond
word.”[d]

**10** Moses het toe vir Jeho-
vah gesê: “Verskoon my, Jeho-
vah, maar ek is nie ’n vlot
spreker nie, nie sedert gister
of daarvóór of sedert u met u
kneg gepraat het nie, want ek
is swaar van mond en swaar
van tong.”[e] **11** Daarop het Je-
hovah vir hom gesê: “Wie het
vir die mens ’n mond gemaak,
of wie maak die stomme of die
dowe of die skerpsiende of die
blinde? Is dit nie ek, Jehovah,
nie?[f] **12** Gaan dan nou, en ek
sal met jou mond wees en ek
sal jou leer wat jy moet sê.”[g]
**13** Maar hy het gesê: “Ver-
skoon my, Jehovah, maar stuur
asseblief deur die hand van die
een wat u gaan stuur.” **14** Toe
het Jehovah se toorn teen Mo-
ses ontvlam, en hy het gesê:
“Is Aäron, die Leviet, nie jou
broer nie?[h] Ek weet dat hy goed
kan praat. En kyk, hy kom jou
buitendien al tegemoet. Wan-
neer hy jou sien, sal hy beslis
bly wees in sy hart.[i] **15** En
jy moet met hom praat en die

**HFST. 3**
a Ps 118:15
b Eks 7:3; Eks 12:33; De 6:22; Ps 135:9; Han 7:36
c Eks 11:2; Eks 12:35
d Ge 15:14; Eks 12:36; Ps 105:37

**HFST. 4**
e Eks 2:14; Han 7:25
f Eks 8:5; Eks 17:5; Nu 20:11
g Eks 7:9
h 1Sa 2:27; Han 7:32
i Han 7:2; Ro 4:3
j Ge 28:13; Mr 12:26
k Ge 28:21; Lu 20:37
l Eks 3:16; Eks 4:31; Jer 31:3
m Nu 12:10; 2Kn 5:27

**Tweede kol.**
a 2Kn 5:14; Mt 8:3
b Joh 10:38; Han 7:36
c 2Te 3:2
d Eks 4:30
e Eks 6:12; Nu 12:3; Jer 1:6; Han 7:22; 2Ko 11:6
f Ps 94:9; Jes 6:10; Lu 1:20; Han 13:11
g Ps 51:15; Ps 143:10; Jes 50:4; Mr 13:11; Lu 12:12
h Nu 26:59
i Ge 33:4; Eks 4:27; Han 7:30

woorde in sy mond lê;[a] en ek sal met jou mond en sy mond wees,[b] en ek sal julle leer wat julle moet doen.[c] **16** En hy moet vir jou met die volk praat; en hy sal vir jou as ’n mond dien,[d] en jy sal vir hom as God dien.[e] **17** En jy moet hierdie staf in jou hand neem sodat jy die tekens daarmee kan verrig.”[f]

**18** Toe het Moses weggegaan en na sy skoonvader Jetro teruggekeer en vir hom gesê:[g] “Ek wil asseblief gaan en na my broers terugkeer, wat in Egipte is, om te sien of hulle nog lewe.”[h] En Jetro het vir Moses gesê: “Gaan in vrede.”[i] **19** Daarna het Jehovah vir Moses in Mi′dian gesê: “Gaan, keer terug na Egipte, want al die manne wat jou siel gesoek het, is dood.”[j]

**20** Toe het Moses sy vrou en sy seuns geneem en hulle op ’n esel laat ry, en hy het na Egipteland teruggekeer. Ook het Moses die staf van die ware God in sy hand geneem.[k] **21** En Jehovah het vir Moses gesê: “Nadat jy weggegaan en na Egipte teruggekeer het, moet jy sorg dat jy al die wonderwerke wat ek in jou hand gegee het, voor Farao verrig.[l] Wat my betref, ek sal sy hart onversetlik laat word;[m] en hy sal die volk nie wegstuur nie.[n] **22** En jy moet vir Farao sê: ‘Só het Jehovah gesê: “Israel is my seun, my eersgeborene.[o] **23** En ek sê vir jou: Stuur my seun weg sodat hy my kan dien. Maar as jy weier om hom weg te stuur, kyk, dan maak ek jou seun, jou eersgeborene, dood.” ’ ”[p]

**24** En op die pad, by die herberg,[q] het Jehovah hom teëgekom[r] en ’n manier bly soek om hom dood te maak.[s] **25** Uiteindelik het Sippo′ra[a] ’n vuurklip geneem en haar seun se voorhuid afgesny[b] en dit aan sy voete laat raak en gesê: “Dit is omdat jy vir my ’n bloedbruidegom is.” **26** Gevolglik het hy hom laat staan. Toe het sy gesê: “ ’n Bloedbruidegom”, weens die besnydenis.

**27** Toe het Jehovah vir Aäron gesê: “Gaan Moses in die wildernis tegemoet.”[c] Daarop het hy gegaan en hom by die berg van die ware God[d] ontmoet en hom gesoen. **28** En Moses het Aäron al die woorde meegedeel van Jehovah, wat hom gestuur het,[e] en al die tekens wat hy hom beveel het om te doen.[f] **29** Daarna het Moses en Aäron gegaan en al die ouer manne van die kinders van Israel versamel.[g] **30** Toe het Aäron al die woorde gespreek wat Jehovah met Moses gespreek het,[h] en hy het die tekens[i] voor die oë van die volk verrig. **31** Hierop het die volk geglo.[j] Toe hulle hoor dat Jehovah sy aandag[k] op die kinders van Israel gerig het en dat hy hulle ellende gesien het,[l] het hulle gebuig en hulle neergewerp.[m]

**5** En daarna het Moses en Aäron ingegaan en vir Farao gesê:[n] “Só het Jehovah, die God van Israel, gesê: ‘Stuur my volk weg sodat hulle vir my ’n fees in die wildernis kan vier.’ ”[o] **2** Maar Farao het gesê: “Wie is Jehovah,[p] dat ek sy stem moet gehoorsaam om Israel weg te stuur?[q] Ek ken Jehovah glad nie,[r] en wat meer is, ek sal Israel nie wegstuur nie.”[s] **3** Maar hulle het gesê: “Die God van die Hebreërs het met ons in aanraking gekom.[t]

---

HFST. 4
a Eks 4:28; Eks 7:1
b Jer 1:9
c Jes 54:13; 1Ko 1:5; 2Ko 3:5
d Eks 7:2
e Eks 7:1; Ps 82:6; Joh 10:34
f Eks 7:19
g Eks 2:18; Eks 18:1; Nu 10:29
h Ge 30:25; Han 7:30
i 1Sa 1:17
j Eks 2:15
k Eks 17:9; Nu 20:8
l Eks 7:9
m Eks 7:3; Eks 10:1; Eks 11:10; De 2:30; 1Sa 6:6; Da 5:20; Ro 9:18
n Eks 7:22; Eks 8:15
o De 7:6; De 14:2; Jer 31:9; Ho 11:1; Ro 9:4
p Eks 12:29; Ps 105:36; Ps 135:8
q Ge 42:27; Jer 9:2
r Nu 22:22; 1Kr 21:16
s Ge 17:14

Tweede kol.
a Eks 2:21; Eks 18:2
b Jos 5:2
c Eks 4:14
d Eks 3:1; Eks 20:18; Eks 24:16; 1Kn 19:8
e Eks 4:15; Eks 7:1
f Eks 4:8
g Eks 3:16; Eks 24:1
h Eks 3:16
i Eks 4:3; Eks 4:6; Eks 4:9
j Eks 3:18; Eks 4:8
k Ge 50:25; Eks 13:19
l Eks 1:14; Eks 3:7; De 26:6
m Ge 43:28; 2Kr 7:3; Ne 8:6

HFST. 5
n Eks 7:1; Eks 7:10; Ps 119:46
o Eks 10:9

p Eks 7:5; Eks 9:16; 1Sa 25:10; q 2Kn 18:35; Job 21:15; Ro 1:21; r 1Sa 2:12; Joh 16:3; 2Te 1:8; s Eks 3:19; Eks 7:3; t Eks 3:18; Ro 3:29.

Ons wil asseblief drie dagreise
ver die wildernis in trek en aan
Jehovah ons God offerandes
bring;[a] anders tref hy ons dalk
met die pes of met die swaard.”[b]
**4** Hierop het die koning van
Egipte vir hulle gesê: “Waar-
om, Moses en Aäron, laat julle
die volk met hulle werk ophou?[c]
Gaan dra julle las!”[d] **5** En Fa-
rao het verder gesê: “Kyk! Die
volk van die land is nou baie,[e]
en julle laat hulle waarlik ophou
om hulle las te dra.”[f]

**6** Onmiddellik, nog dieselfde
dag, het Farao dié wat die volk
gedryf het om te werk en hul-
le beamptes[g] beveel en gesê:
**7** “Julle moenie soos vroeër
strooi bymekaarmaak om vir
die volk te gee om stene[h] te
maak nie. Laat hulle self gaan
en vir hulle strooi bymekaar-
maak. **8** Bowendien moet jul-
le hulle nog die vereiste hoe-
veelheid stene oplê wat hulle
vroeër gemaak het. Julle mag
niks vir hulle verminder nie,
want hulle is besig om te ver-
slap.[i] Daarom roep hulle uit
en sê: ‘Ons wil gaan, ons wil
aan ons God offerandes bring!’[j]
**9** Laat die werk swaar druk op
die manne en laat hulle daar-
mee besig wees, en laat hulle
nie aan valse woorde[k] aandag
skenk nie.”

**10** Toe het dié wat die volk
gedryf het om te werk[l] en hul-
le beamptes uitgegaan en vir
die volk gesê: “Só het Farao
gesê: ‘Ek gee julle geen strooi
meer nie. **11** Gaan self, kry
vir julle strooi waar julle dit
ook al kan vind, want julle
werk word geensins verminder
nie.’ ”[m] **12** Gevolglik het die
volk hulle oor die hele Egip-
teland versprei om stoppels
vir strooi bymekaar te maak.
**13** En dié wat hulle gedryf het
om te werk, het hulle bly aan-
jaag[a] en gesê: “Voltooi julle
werk, elkeen sy werk, dag vir
dag, net soos toe daar strooi
beskikbaar was.”[b] **14** Later is
die beamptes[c] van die kinders
van Israel, wat deur Farao se
taakgewers oor hulle aangestel
is, geslaan,[d] terwyl dié gesê het:
“Waarom het julle gister sowel
as vandag nie julle voorgeskre-
we taak voltooi om stene[e] te
maak soos vroeër nie?”[f]

**15** Gevolglik het die beamp-
tes[g] van die kinders van Israel
ingegaan en tot Farao begin
roep en gesê: “Waarom behan-
del u u knegte so? **16** Geen
strooi word aan u knegte ge-
gee nie en tog sê hulle vir ons:
‘Maak stene!’ en kyk, u knegte
word geslaan, terwyl die skuld
by u volk lê.”[h] **17** Maar hy het
gesê: “Julle is besig om te ver-
slap, julle is besig om te ver-
slap![i] Daarom sê julle: ‘Ons wil
gaan, ons wil aan Jehovah offe-
randes bring.’[j] **18** Gaan werk
dan nou! Hoewel julle geen
strooi gegee sal word nie, moet
julle nietemin die vasgestelde
hoeveelheid stene lewer.”[k]

**19** Toe het die beamptes van
die kinders van Israel gesien
dat hulle in ’n benarde toe-
stand verkeer, omdat daar ge-
sê is:[l] “Julle mag julle stene nie
eens met ’n deel van enigeen se
daaglikse hoeveelheid vermin-
der nie.”[m] **20** Daarna het hul-
le Moses en Aäron[n] teëgekom,
wat daar gestaan het om hulle
te ontmoet wanneer hulle van
Farao af kom. **21** Dadelik het
hulle vir hulle gesê: “Mag Jeho-
vah julle sien en oordeel,[o] aan-
gesien julle ons ’n slegte reuk
gemaak het[p] voor Farao en
voor sy knegte, sodat julle hul-
le ’n swaard in die hand ge-
gee het om ons dood te maak.”[q]

**HFST. 5**
a Ge 46:1; Eks 8:27
b De 28:21; 2Kn 17:25
c Jer 38:4; Han 16:20
d Eks 1:11; Eks 2:11
e Eks 1:9
f Eks 6:6
g Eks 3:7
h Ge 11:3; Eks 1:14; Na 3:14
i Eks 5:17
j Eks 10:25
k 2Kn 18:20; Jer 43:2
l Eks 1:11; Eks 3:7
m 1Kn 12:10; Pr 7:7

**Tweede kol.**
a Eks 3:9
b De 26:7; Pr 4:1
c De 29:10
d Eks 2:11; Han 7:24
e Na 3:14
f Ge 15:13
g Nu 11:16; Joh 18:12
h Ps 37:12
i Eks 5:8
j Eks 3:18; Eks 5:3; Eks 10:25
k Eks 1:14
l Eks 5:7
m Eks 5:8
n Eks 7:1
o Rig 11:27; 1Sa 2:10; Jes 33:22
p Ge 34:30; 1Sa 13:4; 1Kr 19:6
q Eks 6:9; Eks 17:3

**22** Toe het Moses hom tot Je-
hovah gewend[a] en gesê: “Je-
hovah, waarom het u hierdie
volk kwaad aangedoen?[b] Waar-
om het u my eintlik gestuur?[c]
**23** Want vandat ek voor Fa-
rao ingegaan het om in u naam
te spreek,[d] het hy hierdie volk
kwaad aangedoen,[e] en u het u
volk glad nie verlos nie.”[f]

**6** Toe het Jehovah vir Moses
gesê: “Nou sal jy sien wat
ek Farao sal aandoen,[g] want
weens ’n sterk hand sal hy hul-
le wegstuur en weens ’n sterk
hand sal hy hulle uit sy land uit-
dryf.”[h]
**2** En God het verder met Mo-
ses gepraat en vir hom gesê:
“Ek is Jehovah.[i] **3** En ek het
altyd aan Abraham,[j] Isak[k] en
Jakob[l] verskyn as God die Al-
magtige,[m] maar wat my naam
Jehovah[n] betref, daarmee het
ek my nie aan hulle bekend ge-
maak nie.[o] **4** En ek het ook
my verbond met hulle tot stand
gebring om aan hulle die land
Kanaän te gee, die land van
hulle vreemdelingskap waarin
hulle as vreemdelinge gewoon
het.[p] **5** En ek, ja ek, het die
gekerm van die kinders van
Israel gehoor,[q] wat deur die
Egiptenaars in slawerny gehou
word, en ek dink aan my ver-
bond.[r]
**6** “Daarom, sê vir die kin-
ders van Israel: ‘Ek is Jeho-
vah, en ek sal julle beslis on-
der die las van die Egiptenaars
uitlei en julle van hulle sla-
werny verlos,[s] en ek sal julle
inderdaad terugeis met ’n uitge-
strekte arm en met groot straf-
gerigte.[t] **7** En ek sal julle be-
slis vir my as ’n volk neem,[u] en
ek sal inderdaad vir julle God
wees;[v] en julle sal beslis weet
dat ek Jehovah julle God is wat
julle onder die laste van Egipte
uitlei.[a] **8** En ek sal julle beslis
in die land bring waaromtrent
ek my hand in ’n eed[b] opgehef
het om dit aan Abraham, Isak
en Jakob te gee; en ek sal dit in-
derdaad aan julle as ’n besitting
gee.[c] Ek is Jehovah.’ ”[d]
**9** Later het Moses só met
die kinders van Israel ge-
praat, maar uit ontmoediging
en weens die harde slawearbeid
het hulle nie na Moses geluister
nie.[e]
**10** Toe het Jehovah met Mo-
ses gepraat en gesê: **11** “Gaan
in, praat met Farao, Egipte se
koning,[f] dat hy die kinders van
Israel uit sy land moet weg-
stuur.”[g] **12** Moses het egter
voor Jehovah gepraat en gesê:
“Kyk! Die kinders van Israel
het nie na my geluister nie;[h]
en hoe sal Farao ooit na my
luister,[i] aangesien ek onbesne-
de van lippe is?”[j] **13** Maar Je-
hovah het voortgegaan om met
Moses en Aäron te praat en om
deur hulle die bevel uit te vaar-
dig aan die kinders van Israel
en aan Farao, Egipte se koning,
om die kinders van Israel uit
Egipteland uit te lei.[k]
**14** Dít is die hoofde van hul-
le vaderhuise: Die seuns van
Ruben, Israel se eersgeborene,[l]
was Hanog en Pallu, Hesron en
Karmi.[m] Dit is die families van
Ruben.[n]
**15** En die seuns van Si′meon
was Je′muel en Jamin en Ohad
en Jagin en Sohar en Saul, die
seun van ’n Kanaänitiese vrou.[o]
Dit is die families van Si′meon.[p]
**16** En dít is die name van die
seuns van Levi,[q] volgens hulle
familieafstamming:[r] Gerson en
Kehat en Mera′ri.[s] En die le-
wensjare van Levi was hon-
derd-sewe-en-dertig jaar.

**HFST. 5**
a Eks 17:4, Jer 12:1
b Nu 11:11, 1Sa 30:6
c Eks 3:12
d Eks 5:1
e Eks 5:9
f Eks 3:8

**HFST. 6**
g Eks 12:29, Eks 14:13, Ps 12:5
h Eks 9:3, Eks 11:1, Eks 12:31
i Jes 43:11
j Ge 18:1
k Ge 26:2
l Ge 28:13
m Ge 17:1, Ge 35:11
n Eks 10:2, Ps 83:18, Lu 11:2, Joh 12:28, Han 15:14, Op 15:3
o Ge 12:8, Ge 27:27, Ge 28:16, 2Sa 7:23, Ps 9:16, Jes 52:6, Jer 16:21, Jer 32:20
p Ge 15:18, Ge 28:4
q Eks 2:24
r Ge 17:7
s De 4:20
t Eks 7:5, De 26:8, 1Kr 17:21, Han 13:17
u De 7:6, 2Sa 7:24, Ps 33:12
v Eks 29:45, De 20:4

**Tweede kol.**
a Eks 1:14, Eks 7:5, Eks 9:16, Ro 9:17
b Heb 6:13
c Ge 15:18, Ge 26:3, Ge 35:12, Eks 32:13
d Eks 20:2, Jes 42:8
e Eks 5:21
f Eks 1:8
g Eks 3:10, Eks 5:1
h Eks 5:21, Eks 6:9
i Eks 5:2
j Eks 4:10, Jer 1:6, Han 7:22
k Eks 7:4, Eks 9:13
l Ge 49:3
m Ge 46:9
n Nu 26:7, Jos 13:15

o 1Kr 4:24; p Nu 26:14; Jos 21:9; q Ge 29:34; 1Kr 6:1; r Nu 26:57; s Ge 46:11.

**17** Die seuns van Gerson
was Libni en Si′meï,[a] volgens
hulle families.[b]

**18** En die seuns van Kehat
was Amram en Jishar en He-
bron en Us′siël.[c] En die lewens-
jare van Kehat was honderd-
drie-en-dertig jaar.

**19** En die seuns van Mera′ri
was Magli en Musi.[d]

Dit was die families van die
Leviete, volgens hulle familie-
afstamming.[e]

**20** En Amram het Joge′bed,
sy vader se suster, as vrou ge-
neem.[f] Later het sy vir hom
Aäron en Moses gebaar.[g] En
die lewensjare van Amram was
honderd-sewe-en-dertig jaar.

**21** En die seuns van Jishar
was Korag[h] en Nefeg en Sigri.

**22** En die seuns van Us′siël
was Mi′sael en El′safan en Sitri.[i]

**23** En Aäron het Elise′ba,
Ammina′dab se dogter, die sus-
ter van Nagson,[j] as vrou ge-
neem. Later het sy vir hom
Nadab en Abi′hu, Elea′sar en
I′tamar gebaar.[k]

**24** En die seuns van Korag
was Assir en El′kana en Abi′a-
saf.[l] Dit was die families van
die Koragiete.[m]

**25** En Elea′sar, Aäron se
seun,[n] het vir hom een van die
dogters van Pu′tiël as vrou ge-
neem. Later het sy vir hom Pi′-
nehas gebaar.[o]

Dit is die hoofde van die va-
derhuise van die Leviete, vol-
gens hulle families.[p]

**26** Dit is dié Aäron en Moses
vir wie Jehovah gesê het:[q] "LEI
die kinders van Israel uit Egip-
teland uit volgens hulle leërs."[r]
**27** Dit is hulle wat met Farao,
Egipte se koning, gepraat het
om die kinders van Israel uit
Egipte uit te lei.[s] Dit is dié Mo-
ses en Aäron.

**28** En op die dag toe Jeho-
vah met Moses in Egipteland
gepraat het,[a] **29** het Jehovah
Moses aangespreek en gesê:
"Ek is Jehovah.[b] Sê vir Farao,
die koning van Egipte, alles wat
ek vir jou sê." **30** Toe het Mo-
ses voor Jehovah gesê: "Kyk!
Ek is onbesnede van lippe—hoe
sal Farao dan ooit na my luis-
ter?"[c]

**7** Gevolglik het Jehovah vir
Moses gesê: "Kyk, ek het
jou God gemaak vir Farao,[d] en
jou broer Aäron sal jou profeet
word.[e] **2** Jy—jy moet alles
spreek wat ek jou sal beveel;[f] en
jou broer Aäron moet die praat-
werk voor Farao doen,[g] en hy
moet die kinders van Israel uit
sy land wegstuur.[h] **3** Wat my
betref, ek sal Farao se hart on-
versetlik laat word,[i] en ek sal
beslis my tekens en my won-
derwerke in Egipteland verme-
nigvuldig.[j] **4** En Farao sal na
julle nie luister nie;[k] en ek sal
my hand op Egipte moet lê en
my leërs,[l] my volk,[m] die kinders
van Israel,[n] met groot strafge-
rigte[o] uit Egipteland moet uit-
lei. **5** En die Egiptenaars sal
beslis weet dat ek Jehovah is
wanneer ek my hand teen Egip-
te uitsteek,[p] en ek sal inder-
daad die kinders van Israel on-
der hulle uitlei."[q] **6** En Moses
en Aäron het toe gedoen soos
Jehovah hulle beveel het.[r] Hul-
le het net so gedoen.[s] **7** En
Moses was tagtig jaar oud en
Aäron was drie-en-tagtig jaar
oud toe hulle met Farao ge-
praat het.[t]

**8** Jehovah het toe vir Mo-
ses en Aäron gesê: **9** "As Fa-
rao met julle praat en sê: 'Doen
vir julle 'n wonderwerk',[u] dan
moet jy vir Aäron sê: 'Neem

u Jes 7:11; Mt 12:39; Joh 6:30.

**HFST. 6**

a 1Kr 23:7
b Nu 3:18
c Nu 3:19, 1Kr 23:12
d Nu 3:20, 1Kr 23:21
e Jos 21:40, 1Kr 6:19
f Eks 2:1, Nu 26:59
g 1Kr 23:13
h Nu 16:1, Nu 16:32, Nu 26:10
i Le 10:4, Nu 3:30
j Rut 4:20, Mt 1:4
k Nu 3:2
l Nu 26:11, 1Kr 6:37
m Nu 26:58, 1Kr 9:19
n Nu 3:32
o Nu 25:7, Nu 31:6, Jos 22:31, Rig 20:28
p Eks 6:19
q Jos 24:5, 1Sa 12:6
r Eks 7:4, Eks 12:41, Han 7:35
s Eks 33:1, Ps 77:20, Mi 6:4

**Tweede kol.**

a Eks 6:1
b Eks 6:2
c Eks 4:10, Eks 6:12

**HFST. 7**

d Eks 4:16, Ps 82:6
e Eks 4:15, Eks 4:30
f Eks 4:12
g Eks 4:15
h Eks 6:11
i Eks 4:21, Eks 8:15, Eks 9:12, Ro 9:18
j Eks 3:20, Eks 11:9, Ps 105:27, Han 7:36
k Eks 9:35
l Eks 12:51
m Eks 5:1
n Eks 6:11
o Eks 6:6, Eks 12:12
p Eks 3:19, Eks 8:19, Eks 8:22, Eks 14:4, Ps 83:18
q Eks 3:20
r Eks 4:28
s Ge 6:22, Eks 12:28
t De 34:7, Han 7:23

jou staf[a] en gooi dit voor Farao neer.’ Dit sal ’n groot slang word.”[b] **10** Toe het Moses en Aäron na Farao toe gegaan en gedoen presies soos Jehovah beveel het. Aäron het dan ook sy staf voor Farao en sy knegte neergegooi, en dit het ’n groot slang geword. **11** Maar Farao het ook die wyse manne en die towenaars laat roep;[c] en die towerpriesters van Egipte het ook dieselfde met hulle toorkunste gedoen.[d] **12** En elkeen het sy staf neergegooi, en hulle het groot slange geword; maar Aäron se staf het hulle stawwe ingesluk. **13** Tog het Farao se hart onversetlik geword,[e] en hy het na hulle nie geluister nie, net soos Jehovah gesê het.

**14** Toe het Jehovah vir Moses gesê: “Farao se hart is verhard.[f] Hy het geweier om die volk weg te stuur.[g] **15** Gaan môreoggend na Farao toe. Kyk! Hy gaan uit na die water![h] En jy moet aan die kant van die Nylrivier gaan staan om hom te ontmoet,[i] en die staf wat in ’n slang verander het, moet jy in jou hand neem.[j] **16** En jy moet vir hom sê: ‘Jehovah, die God van die Hebreërs, het my na u toe gestuur[k] en gesê: “Stuur my volk weg sodat hulle my in die wildernis kan dien”,[l] maar kyk, u het tot nou toe nie geluister nie. **17** Só het Jehovah gesê:[m] “Hieraan sal jy weet dat ek Jehovah is.[n] Kyk, ek slaan met die staf wat in my hand is op die water wat in die Nylrivier is,[o] en dit sal beslis in bloed verander.[p] **18** En die visse wat in die Nylrivier is, sal sterf,[q] en die Nylrivier sal stink,[r] en die Egiptenaars sal glad nie lus wees om water uit die Nylrivier te drink nie.” ’ ”[s]

**19** Daarna het Jehovah vir Moses gesê: “Sê vir Aäron: ‘Neem jou staf en steek jou hand[a] uit oor die waters van Egipte, oor hulle riviere, oor hulle Nylkanale en oor hulle rietpoele[b] en oor al hulle opgedamde waters, sodat dit bloed word.’ En daar sal beslis bloed wees in die hele Egipteland en in die houthouers en in die kliphouers.” **20** Onmiddellik het Moses en Aäron dit gedoen,[c] net soos Jehovah beveel het,[d] en hy het die staf opgelig en die water wat in die Nylrivier was, voor die oë van Farao en sy knegte geslaan,[e] en al die water wat in die Nylrivier was, is in bloed verander.[f] **21** En die visse wat in die Nylrivier was, het doodgegaan,[g] en die Nylrivier het begin stink; en die Egiptenaars kon nie water uit die Nylrivier drink nie;[h] en daar was bloed in die hele Egipteland.

**22** Maar die towerpriesters van Egipte het dieselfde met hulle geheime kunste gedoen;[i] sodat Farao se hart onversetlik gebly het,[j] en hy het na hulle nie geluister nie, net soos Jehovah gesê het.[k] **23** Farao het derhalwe omgedraai en in sy huis ingegaan, en hy het dit ook geensins ter harte geneem nie.[l] **24** En al die Egiptenaars het rondom die Nylrivier na drinkwater gegrawe, want hulle kon geen water van die Nylrivier drink nie.[m] **25** En sewe dae het verbygegaan nadat Jehovah die Nylrivier geslaan het.

**8** Toe het Jehovah vir Moses gesê: “Gaan na Farao toe, en jy moet vir hom sê: ‘Só het Jehovah gesê: “Stuur my volk weg sodat hulle my kan dien.[n] **2** En as jy bly weier om hulle

**HFST. 7**

a Eks 4:2; Eks 9:23
b Eks 4:3
c Ge 41:8; Jes 19:11; Jer 27:9; Da 2:2; 2Ti 3:8; Op 21:8
d Eks 7:22; Eks 8:18; Eks 9:11; Han 8:9; 2Te 2:9
e Eks 4:21; Eks 7:3; Eks 8:15; Ro 9:18
f Eks 10:1; 1Sa 6:6
g Eks 10:20
h Eks 2:5; Eks 8:20
i Eks 9:13
j Eks 4:3
k Eks 3:18; Eks 9:1; Ro 3:29
l Eks 5:1
m 1Kn 20:28
n Eks 7:5; Eks 8:22; Ese 25:17
o Eks 4:9
p Ps 78:44
q Ps 105:29
r Jes 50:2
s Eks 7:24

**Tweede kol.**

a Eks 9:22; Eks 10:12; Eks 14:21
b Eks 8:5
c Eks 7:6; Eks 12:28
d Eks 4:28
e Eks 17:5
f Ps 78:44
g Ps 105:29
h Eks 7:18; Eks 7:24
i Eks 7:11; Eks 8:7; Da 1:20; Han 8:9; 2Ko 11:14; 2Ti 3:8
j Eks 4:21; Eks 8:15; Ro 9:18
k Eks 3:19
l Eks 9:21; Spr 29:1; Jer 5:3
m Eks 7:18

**HFST. 8**

n Eks 3:12; Eks 5:1

weg te stuur, kyk, dan tref ek jou hele gebied met 'n paddaplaag.[a] **3** En die Nylrivier sal behoorlik wemel van paddas, en hulle sal beslis opkom en in jou huis kom en in jou binneste slaapkamer en op jou slaapbank en in die huise van jou knegte en op jou volk en in jou oonde en in jou knieskottels.[b] **4** En teen jou en teen jou volk en teen al jou knegte sal die paddas opkom." ' "[c]

**5** Later het Jehovah vir Moses gesê: "Sê vir Aäron: 'Steek jou hand met jou staf[d] uit oor die riviere, die Nylkanale en die rietpoele en laat die paddas oor Egipteland opkom.' " **6** Daarop het Aäron sy hand oor die waters van Egipte uitgesteek, en die paddas het begin opkom en Egipteland bedek. **7** Die towerpriesters het egter dieselfde deur hulle geheime kunste gedoen en die paddas oor Egipteland laat opkom.[e] **8** Na verloop van tyd het Farao Moses en Aäron geroep en gesê: "Versoek Jehovah dringend[f] dat hy die paddas van my en my volk verwyder, aangesien ek die volk wil wegstuur sodat hulle aan Jehovah offerandes kan bring."[g] **9** Toe het Moses vir Farao gesê: "Neem u die heerlikheid bo my om te sê wanneer ek 'n dringende versoek vir u en u knegte en u volk moet doen om die paddas van u en uit u huise uit te roei. Net in die Nylrivier sal hulle oorbly." **10** Hierop het hy gesê: "Môre." Toe het hy gesê: "Dit sal volgens u woord wees, sodat u kan weet dat daar niemand soos Jehovah ons God is nie,[h] **11** deurdat die paddas beslis van u en u huise en u knegte en u volk sal wyk. Net in die Nylrivier sal hulle oorbly."[i]

**12** Toe het Moses en Aäron van Farao af weggegaan, en Moses het tot Jehovah geroep[a] weens die paddas wat Hy oor Farao gebring het. **13** Toe het Jehovah gedoen volgens Moses se woord,[b] en die paddas het uit die huise, die binnehowe en die veld begin wegsterf. **14** En hulle het dit in hope opgestapel, en die land het begin stink.[c] **15** Toe Farao sien dat daar verligting gekom het, het hy sy hart verhard;[d] en hy het na hulle nie geluister nie, net soos Jehovah gesê het.[e]

**16** Jehovah het toe vir Moses gesê: "Sê vir Aäron: 'Steek jou staf[f] uit en slaan die stof van die aarde, en dit sal muggies word in die hele Egipteland.' " **17** En hulle het dit gedoen. Aäron het dus sy hand met sy staf uitgesteek en die stof van die aarde geslaan, en daar het muggies op mens en dier gekom. Al die stof van die aarde het muggies geword in die hele Egipteland.[g] **18** En die towerpriesters het dieselfde deur hulle geheime kunste probeer doen,[h] om muggies voort te bring, maar hulle kon nie.[i] En die muggies het op mens en dier gekom. **19** Die towerpriesters het derhalwe vir Farao gesê: "Dit is die vinger[j] van God!"[k] Maar Farao se hart het onversetlik gebly,[l] en hy het na hulle nie geluister nie, net soos Jehovah gesê het.

**20** Toe het Jehovah vir Moses gesê: "Staan môreoggend vroeg op en gaan staan voor Farao.[m] Kyk! Hy kom uit na die water! En jy moet vir hom sê: 'Só het Jehovah gesê: "Stuur my volk weg sodat hulle my kan dien.[n] **21** Maar as jy my volk nie wegstuur nie, kyk, dan stuur ek steekvlieë[o] oor jou en

HFST. 8

a Eks 12:12; Jos 24:5; Ps 78:45
b Eks 12:34; Ps 105:30
c Da 4:37
d Eks 4:20; Eks 17:9
e Eks 7:11; Eks 7:22; Eks 8:18; 2Ti 3:8
f Ge 20:7; Eks 10:17; Nu 21:7; 1Kn 13:6; Han 8:24
g Eks 8:15; Eks 8:29; Eks 10:8; Eks 12:31
h Eks 9:14; Eks 15:11; 2Sa 7:22; Ps 83:18; Ps 86:8; Jes 46:9; Jer 10:6; Ro 9:17
i Eks 8:3

Tweede kol.

a Eks 8:30; Eks 9:33; Jak 5:16
b De 34:10
c Eks 7:21
d Eks 4:21; Eks 7:3; Spr 21:29; Ro 9:18
e Jes 26:10; Jer 34:11
f Eks 17:9
g Ps 105:31
h Eks 7:11; Eks 9:11; Da 1:20; 2Ti 3:8
i Ge 41:8; Da 2:10
j Eks 31:18; Mt 12:28; Lu 11:20
k Eks 12:12
l Eks 14:8; De 2:30; Jos 11:20; 1Sa 6:6
m Eks 7:15
n Eks 8:1
o Ps 78:45; Ps 105:31

jou knegte en jou volk en in
jou huise; en die huise van Egip-
te sal eenvoudig vol steekvlieë
wees, en ook die grond waar-
op hulle staan. **22** En op dié
dag sal ek beslis die land Gosen
waarop my volk staan, uitson-
der, dat daar geen steekvlieë
sal wees nie;[a] sodat jy kan weet
dat ek Jehovah is in die land.[b]
**23** En ek sal inderdaad 'n skei-
ding maak tussen my volk en
jou volk.[c] Môre sal hierdie te-
ken plaasvind." ' "

**24** En Jehovah het dit ge-
doen; en digte swerms steek-
vlieë het die huis van Farao
en die huise van sy knegte en
die hele Egipteland begin bin-
nedring.[d] Die land is verwoes
as gevolg van die steekvlieë.[e]
**25** Uiteindelik het Farao Mo-
ses en Aäron geroep en gesê:
"Gaan, bring offerandes aan jul-
le God in die land."[f] **26** Maar
Moses het gesê: "Dit is nie ge-
oorloof om dit te doen nie, want
ons sal aan Jehovah ons God
iets as offerande bring wat vir
die Egiptenaars verfoeilik is.[g]
Gestel ons sou iets wat vir die
Egiptenaars verfoeilik is, voor
hulle oë as offerande bring; sal
hulle ons dan nie stenig nie?
**27** Ons sal drie dagreise ver die
wildernis in trek en ons sal be-
slis aan Jehovah ons God offe-
randes bring net soos hy vir ons
gesê het."[h]

**28** Farao het toe gesê: "Ek
—ek sal julle wegstuur,[i] en jul-
le sal inderdaad in die wilder-
nis aan Jehovah julle God offe-
randes bring.[j] Moet net nie so
ver weg trek nie. Doen 'n drin-
gende versoek ten behoewe van
my."[k] **29** Toe het Moses gesê:
"Kyk, ek gaan van u af weg,
en ek sal inderdaad 'n dringen-
de versoek tot Jehovah rig, en
die steekvlieë sal beslis môre
van Farao, sy knegte en sy volk
wyk. Laat Farao net nie weer
bedrieglik handel deur die volk
nie weg te stuur om offeran-
des aan Jehovah te bring nie."[a]
**30** Daarna het Moses van Fa-
rao af weggegaan en 'n dringen-
de versoek tot Jehovah gerig.[b]
**31** Toe het Jehovah gedoen vol-
gens Moses se woord,[c] en die
steekvlieë het van Farao, sy
knegte en sy volk gewyk.[d] Nie
een het oorgebly nie. **32** Maar
Farao het ook hierdie keer sy
hart verhard en die volk nie
weggestuur nie.[e]

**9** Gevolglik het Jehovah vir
Moses gesê: "Gaan na Farao
toe, en jy moet vir hom sê:[f] 'Só
het Jehovah, die God van die
Hebreërs, gesê: "Stuur my volk
weg sodat hulle my kan dien.
**2** Maar as jy bly weier om hulle
weg te stuur en jy hulle nog lan-
ger vashou,[g] **3** kyk! dan kom
Jehovah se hand[h] oor jou vee[i]
wat in die veld is. Oor die per-
de, die esels, die kamele, die
beeste en die kleinvee sal daar
'n baie swaar pes kom.[j] **4** En
Jehovah sal beslis 'n onderskeid
maak tussen die vee van Israel
en die vee van Egipte, en niks
sal doodgaan van alles wat aan
die kinders van Israel behoort
nie." ' "[k] **5** Ook het Jehovah 'n
vasgestelde tyd gegee en ge-
sê: "Môre sal Jehovah dit in die
land doen."[l]

**6** Die volgende dag het Jeho-
vah dit dan ook gedoen, en al-
lerhande soorte vee van Egip-
te het begin doodgaan;[m] maar
van die vee van die kinders van
Israel het nie een doodgegaan
nie. **7** Toe het Farao gestuur,
en kyk! van Israel se vee het
nie eers een doodgegaan nie.
Farao se hart was nietemin nog
steeds verhard,[n] en hy het die
volk nie weggestuur nie.

---

**HFST. 8**

a Eks 9:4; Eks 10:23; Eks 11:7; Eks 12:13
b Eks 7:5; Eks 8:10; 1Sa 17:46; 1Kn 20:28; 2Kn 19:19; Ese 34:30
c Mal 3:18
d Eks 8:3
e Ps 78:45; Ps 105:31
f Eks 5:2; Eks 7:2
g Ge 43:32; Ge 46:34; Eks 10:26
h Ge 8:20; Eks 3:12; Eks 3:18; Eks 5:3
i Eks 9:28
j Eks 7:16
k Eks 8:8; Eks 9:28; 1Sa 12:19; Han 8:24

**Tweede kol.**

a Eks 8:8; Eks 8:15; Ps 78:36; Ga 6:7
b Eks 9:33; Jak 5:16
c Ps 65:2
d 1Kn 13:6
e Eks 4:21; Spr 28:14; Han 28:27; Ro 2:5; Ro 9:18

**HFST. 9**

f Eks 5:1; Eks 8:1
g Eks 4:23; Eks 8:2; Ps 68:21; Spr 6:15
h Eks 7:4; Eks 8:19; 1Sa 5:7; Ps 39:10; Han 13:11
i Ps 78:48
j Eks 9:15; Ps 78:50; Ese 14:21; Am 4:10
k Eks 8:22; Eks 10:23; Eks 11:7; Eks 12:13; Jes 65:13; Mal 3:18
l Eks 8:23; Ps 76:12
m Ps 78:48
n Eks 4:21; 1Sa 6:6; Job 9:4; Spr 29:1; Da 5:20; Ro 9:18

**8** Daarna het Jehovah vir
Moses en Aäron gesê: “Neem
vir julle twee hande vol roet uit
’n droogoond,[a] en Moses moet
dit voor Farao se oë na die
hemel opgooi. **9** En dit sal ’n
poeier oor die hele Egipteland
word, en dit sal swere word wat
in blase uitbreek[b] op mens en
dier in die hele Egipteland.”

**10** Toe het hulle die roet van
’n droogoond geneem en voor
Farao gaan staan, en Moses het
dit na die hemel opgegooi, en
dit het swere met blase geword[c]
wat op mens en dier uitgebreek
het. **11** En die towerpriesters
kon as gevolg van die swere nie
voor Moses staan nie, want die
swere het op die towerpriesters
en op al die Egiptenaars uitge-
kom.[d] **12** Maar Jehovah het
Farao se hart onversetlik laat
word, en hy het na hulle nie ge-
luister nie, net soos Jehovah vir
Moses gesê het.[e]

**13** Toe het Jehovah vir Mo-
ses gesê: “Staan môreoggend
vroeg op en gaan staan voor Fa-
rao,[f] en jy moet vir hom sê: ‘Só
het Jehovah, die God van die
Hebreërs, gesê: “Stuur my volk
weg sodat hulle my kan dien.[g]
**14** Want hierdie keer stuur ek
al my slae teen jou hart en oor
jou knegte en jou volk, sodat jy
kan weet dat daar op die hele
aarde niemand soos ek is nie.[h]
**15** Want ek kon nou al my hand
uitgesteek het om jou en jou
volk met die pes te tref en so-
dat jy van die aarde uitgewis
sou word.[i] **16** Maar juis om
dié rede het ek jou nog laat be-
staan,[j] om jou my krag te toon
en om my naam oor die hele
aarde bekend te laat maak.[k]
**17** Hou jy jou nog steeds hoog-
moedig teen my volk deur hulle
nie weg te stuur nie?[l] **18** Kyk,
môre omstreeks hierdie tyd
laat ek ’n baie swaar hael neer-
reën, soos wat nog nooit in
Egipte voorgekom het van die
dag af dat dit gegrondves is tot
nou toe nie.[a] **19** En stuur dan
nou en bring al jou vee en alles
wat joune in die veld is, onder
dak. Wat enige mens en dier be-
tref wat in die veld gevind word
en nie in die huis gebring is nie,
die hael[b] sal op hulle afkom, en
hulle sal sterf.” ’ ”

**20** Elkeen wat Jehovah se
woord gevrees het onder Farao
se knegte, het sy knegte en sy
vee in die huise laat invlug,[c]
**21** maar elkeen wat Jehovah se
woord geensins ter harte ge-
neem het nie, het sy knegte en
sy vee in die veld gelos.[d]

**22** Toe het Jehovah vir Mo-
ses gesê: “Steek jou hand[e] na
die hemel uit, sodat hael[f] oor die
hele Egipteland kom, oor mens
en dier en al die plante van die
veld in Egipteland.” **23** Daar-
op het Moses sy staf na die he-
mel uitgesteek; en Jehovah het
donderslae en hael gegee,[g] en
vuur het na die aarde geskiet,
en Jehovah het aanhoudend
hael op Egipteland laat neer-
reën. **24** So het daar hael ge-
kom, en vuur wat tussen die
hael deur geflikker het. Dit was
baie swaar, soos daar in die hele
Egipteland nooit voorgekom
het vandat dit ’n nasie geword
het nie.[h] **25** En die hael het
die hele Egipteland geslaan.
Die hael het alles geslaan wat
in die veld was, mens sowel as
dier, en allerhande plante van
die veld; en dit het allerhande
bome van die veld verpletter.[i]
**26** Net in die land Gosen, waar
die kinders van Israel was, het
daar geen hael gekom nie.[j]

**27** Uiteindelik het Farao ge-
stuur en Moses en Aäron ge-
roep en vir hulle gesê: “Ek het

**HFST. 9**
a Ge 11:3; Ge 19:28
b Le 13:18; De 28:35; Job 2:7
c De 28:27
d Eks 7:11; Eks 8:18; 2Ti 3:8
e Eks 4:21; Eks 8:32; Eks 14:17; Jos 11:20; 2Kr 36:13; Ps 75:5
f Eks 7:15
g Eks 7:16
h Eks 8:10; De 33:26; 2Sa 7:22; Ps 71:19; Ps 83:18; Jes 45:5; Jes 46:9; Jer 10:7
i Eks 3:20; Eks 9:3
j Eks 14:17; Spr 16:4
k Jos 2:10; 1Kr 16:24; Jes 63:12; Mal 1:11; Ro 9:17
l Job 9:4; Jes 37:23

**Tweede kol.**
a Ps 78:47; Ps 105:32
b Jos 10:11
c Spr 22:3; Jon 3:5
d Eks 7:23
e Eks 7:19; Eks 8:5
f Eks 10:5; Job 38:22; Ps 78:47; Ps 105:32
g Ps 148:8; Jes 30:30
h Eks 9:18
i Ps 105:33
j Eks 8:22; Eks 9:4

hierdie keer gesondig.[a] Jehovah
is regverdig,[b] en ek en my volk
is verkeerd. **28** Versoek Jeho-
vah dringend dat dit nou ge-
noeg van God se donderslae en
hael moet wees.[c] Dan is ek be-
reid om julle weg te stuur, en
julle sal nie langer bly nie.”
**29** Toe het Moses vir hom ge-
sê: “Sodra ek uit die stad uit-
gaan, sal ek my hande na Je-
hovah uitstrek.[d] Die donderslae
sal ophou en die hael sal nie
meer val nie, sodat u kan weet
dat die aarde aan Jehovah be-
hoort.[e] **30** Wat u en u knegte
betref, ek weet reeds dat julle
nie eens dan vrees vir Jehovah
God sal openbaar nie.”[f]

**31** En die vlas en die gars is
geslaan, want die gars was in
die aar en die vlas het blom-
knoppe gehad.[g] **32** Maar die
koring en die spelt[h] is nie ge-
slaan nie, want hulle tyd was la-
ter. **33** Moses het toe uit die
stad uitgegaan, weg van Farao
af, en sy hande na Jehovah uit-
gestrek, en die donderslae en
die hael het begin ophou, en
reën het nie meer op die aarde
neergestort nie.[i] **34** Toe Fa-
rao sien dat die reën en die hael
en die donderslae opgehou het,
het hy weer gesondig en sy hart
verhard,[j] hy sowel as sy knegte.
**35** En Farao se hart het onver-
setlik gebly, en hy het die kin-
ders van Israel nie weggestuur
nie, net soos Jehovah deur mid-
del van Moses gesê het.[k]

**10** Toe het Jehovah vir Mo-
ses gesê: “Gaan na Farao
toe, want ek—ek het sy hart en
die hart van sy knegte laat ver-
hard,[l] sodat ek hierdie tekens
van my reg voor hom kan stel,[m]
**2** en sodat jy voor die ore van
jou kind en jou kleinkind be-
kend kan maak hoe streng ek
teen Egipte opgetree het, en
my tekens wat ek onder hulle
gedoen het;[a] en julle sal beslis
weet dat ek Jehovah is.”[b]

**3** Daarop het Moses en
Aäron na Farao toe gegaan en
vir hom gesê: “Só het Jehovah,
die God van die Hebreërs, gesê:
‘Hoe lank gaan jy weier om jou
aan my te onderwerp?[c] Stuur
my volk weg sodat hulle my kan
dien. **4** Want as jy bly weier
om my volk weg te stuur, kyk,
dan bring ek môre sprinkane
binne jou grense.[d] **5** En hul-
le sal die sigbare oppervlak van
die aarde bedek, en dit sal nie
moontlik wees om die aarde te
sien nie; en hulle sal die res van
wat ontkom het, wat vir julle
van die hael oorgebly het, een-
voudig opeet, en hulle sal beslis
al julle bome eet wat in die veld
uitspruit.[e] **6** En jou huise en
die huise van al jou knegte en
die huise van die hele Egipte
sal so vol daarvan wees soos wat
jou vaders en jou vaders se va-
ders nog nie gesien het van die
dag af dat hulle op die aarde be-
staan het tot vandag toe nie.’ ”[f]
Daarop het hy omgedraai en
van Farao af weggegaan.[g]

**7** Daarna het Farao se kneg-
te vir hom gesê: “Hoe lank sal
hierdie man ’n strik vir ons
wees?[h] Stuur die manne weg
sodat hulle Jehovah hulle God
kan dien. Weet u nog nie dat
Egipte te gronde gegaan het
nie?”[i] **8** En Moses en Aäron is
na Farao toe teruggebring, en
hy het vir hulle gesê: “Gaan,
dien Jehovah julle God.[j] Wie
is dit nou eintlik wat gaan?”
**9** Toe het Moses gesê: “Met ons
jong mense en ons ou mense
sal ons gaan. Met ons seuns en
ons dogters,[k] met ons skape en
ons beeste sal ons gaan,[l] want
ons het ’n fees vir Jehovah.”[m]
**10** Hierop het hy vir hulle gesê:

**HFST. 9**
a 1Sa 26:21; Ps 12:2; Mt 27:4
b Ps 129:4; Ps 145:17; Da 9:14; Ro 2:5
c Eks 8:8; Eks 10:17; Han 8:24
d 1Kn 8:22; Esr 9:5; Ps 143:6
e De 10:14; Ps 24:1; Ps 50:12; 1Ko 10:26
f Spr 16:6; Jes 26:10; Lu 16:31
g Rut 1:22
h Jes 28:25; Ese 4:9
i Eks 10:18; Jak 5:17
j Eks 4:21; Eks 8:15; De 2:30; Jos 11:20; Ro 9:18
k Eks 7:4; Eks 8:15

**HFST. 10**
l Eks 4:21; Eks 9:34; Ps 7:11
m Eks 7:4; Eks 9:16; 1Sa 4:8; Ps 78:12; Ps 135:9; Ro 9:17

**Tweede kol.**
a Eks 13:8; De 4:9; De 6:21; Ps 44:1; Ps 78:5; Jl 1:3
b Eks 6:3
c Eks 9:17; Eks 16:28; Spr 18:12; Jes 2:11; Jer 13:18
d Ps 78:46; Ps 105:34; Spr 30:27; Jl 1:4
e Eks 9:32; Ps 105:35; Jl 2:3
f Eks 9:24; Jl 2:9
g Eks 11:8; Heb 11:27
h Spr 29:6
i Ps 107:34
j Eks 12:31
k De 31:12; Ps 148:12
l Ge 46:6; Ge 50:8; Eks 10:26
m Eks 3:18; Eks 5:1

“Mag dit so wees dat Jehovah
met julle is wanneer ek julle en
julle kindertjies sal wegstuur![a]
Inteendeel, kyk, iets boos is jul-
le oogmerk.[b] **11** O nee! Gaan
asseblief, julle manne, en dien
Jehovah, want dit is wat julle
verlang.” Daarop is hulle van
Farao af verdryf.[c]

**12** Jehovah het toe vir Mo-
ses gesê: “Steek[d] jou hand oor
Egipteland vir die sprinkane
uit, sodat hulle oor Egipteland
opkom en al die plante van die
land opeet, alles wat die hael
laat oorbly het.”[e] **13** Dadelik
het Moses sy staf oor Egipte-
land uitgesteek, en Jehovah
het daardie hele dag en hele
nag ’n oostewind[f] oor die land
laat waai. Dit het oggend ge-
word, en die oostewind het die
sprinkane aangebring. **14** En
die sprinkane het oor die hele
Egipteland begin opkom en op
die hele gebied van Egipte gaan
sit.[g] Hulle was ’n baie swaar
las.[h] Voor hulle het sulke sprin-
kane nog nooit so verskyn nie,
en ná hulle sal sulke sprinka-
ne nooit weer so verskyn nie.
**15** En hulle het die sigbare op-
pervlak van die hele land be-
dek,[i] en die land het donker ge-
word;[j] en hulle het al die plante
van die land opgeëet en al die
vrugte van die bome wat die
hael laat oorbly het;[k] en daar
het geen groenigheid aan die
bome of aan die plante van die
veld in die hele Egipteland oor-
gebly nie.[l]

**16** Toe het Farao Moses
en Aäron gou geroep en ge-
sê: “Ek het teen Jehovah jul-
le God en teen julle gesondig.[m]
**17** En vergewe[n] nou asseblief
net hierdie een keer my son-
de en VERSOEK Jehovah julle
God dringend[o] dat hy net hier-
die dodelike plaag van my af-
wend.” **18** Daarop het hy van
Farao af weggegaan en ’n drin-
gende versoek tot Jehovah ge-
rig.[a] **19** Toe het Jehovah die
wind laat omslaan in ’n baie
stywe westewind, en dit het die
sprinkane weggevoer en hulle
in die Rooi See gedryf. Nie ’n
enkele sprinkaan het in die hele
gebied van Egipte oorgebly nie.
**20** Jehovah het Farao se hart
egter onversetlik laat word,[b] en
hy het die kinders van Israel
nie weggestuur nie.

**21** Jehovah het toe vir Mo-
ses gesê: “Steek jou hand na die
hemel uit,[c] sodat duisternis oor
Egipteland kom en die duister-
nis gevoel kan word.” **22** Mo-
ses het onmiddellik sy hand na
die hemel uitgesteek, en ’n dik
duisternis het oor die hele Egip-
teland gekom, drie dae lank.[d]
**23** Hulle het mekaar nie ge-
sien nie, en drie dae lank het
niemand van sy plek af opge-
staan nie; maar vir al die kin-
ders van Israel was daar lig in
hulle woonplekke.[e] **24** Daar-
na het Farao Moses geroep
en gesê: “Gaan, DIEN Jehovah.[f]
Net julle skape en julle beeste
sal agtergehou word. Ook julle
kindertjies mag saam met jul-
le gaan.”[g] **25** Maar Moses het
gesê: “U moet ook offerandes
en brandoffers in ons hand gee,
aangesien ons dit aan Jehovah
ons God moet bring.[h] **26** En
ons vee sal ook saam met ons
gaan.[i] Nie ’n hoef mag agterbly
nie, want daarvan sal ons neem
om Jehovah ons God te aan-
bid,[j] en ons weet nie wat ons
Jehovah in aanbidding sal aan-
bied voordat ons daar aankom
nie.”[k] **27** Hierop het Jehovah
Farao se hart onversetlik laat
word, en hy wou hulle nie weg-
stuur nie.[l] **28** Toe het Farao
vir hom gesê: “Gaan weg van

**HFST. 10**
a Eks 12:31
b 2Kr 32:15
c Eks 10:28
d Eks 7:19
e De 28:38, Jl 2:3
f Ge 41:6, Eks 14:21, Ps 78:26, Jon 4:8
g Ps 78:46, Ps 105:34
h Eks 10:5
i Jl 1:6
j Jl 2:10
k Ps 105:35
l Jl 1:7, Jl 2:3
m Eks 9:27, 1Sa 26:21
n Ps 76:12
o Eks 9:28, 1Kn 13:6, Han 8:24

**Tweede kol.**
a Eks 8:30
b Eks 7:3, Eks 11:10, Joh 12:40, Ro 9:18
c Eks 8:5
d Ps 105:28, Am 5:8
e Eks 8:22, Eks 9:6, Eks 9:26, Mal 3:18
f Eks 8:28, Eks 9:28
g Ge 34:23, Eks 10:10
h Eks 3:18, Eks 5:3, Eks 8:27
i Eks 12:32
j Mal 1:11
k Spr 3:9
l Eks 4:21, Eks 14:4, Ro 9:18

my af![a] Pas op! Moet my aan-
gesig nie weer probeer sien nie,
want die dag as jy my aangesig
sien, sal jy sterf."[b] **29** Hierop
het Moses gesê: "So het u gesê.
Ek sal u aangesig nie weer pro-
beer sien nie."[c]

**11** En Jehovah het vir Mo-
ses gesê: "Ek gaan nog
een plaag oor Farao en Egipte
bring. Daarna sal hy julle hier-
vandaan wegstuur.[d] Wanneer
hy julle geheel en al wegstuur,
sal hy julle letterlik hiervan-
daan uitdryf.[e] **2** Sê dan nou
voor die ore van die volk, dat
hulle—elke man van sy naas-
te en elke vrou van haar naas-
te—silwervoorwerpe en goue
voorwerpe moet vra."[f] **3** Ge-
volglik het Jehovah aan die
volk guns verleen in die oë van
die Egiptenaars.[g] Ook die man
Moses was baie groot in Egip-
teland, in die oë van Farao se
knegte en in die oë van die
volk.[h]

**4** En Moses het verder ge-
sê: "Só het Jehovah gesê: 'Om-
streeks middernag trek ek uit
deur Egipte,[i] **5** en elke eers-
geborene[j] in Egipteland sal
sterf, van die eersgeborene van
Farao af wat op sy troon sit tot
die eersgeborene van die diens-
meisie wat by die handmeul is,
en elke eersgeborene van die
diere.[k] **6** En daar sal beslis 'n
groot geskreeu in die hele Egip-
teland opgaan, soos daar nog
nooit opgegaan het en soos
daar nooit weer teweeggebring
sal word nie.[l] **7** Maar teen
geeneen van die kinders van Is-
rael sal 'n hond sy tong gre-
tig roer nie, teen geen mens
of dier nie;[m] sodat julle kan
weet dat Jehovah 'n onderskeid
kan maak tussen die Egipte-
naars en die kinders van Is-
rael.'[n] **8** En al hierdie knegte
van u sal beslis na my toe afkom
en hulle voor my neerwerp[a] en
sê: 'Trek, jy en die hele volk wat
in jou voetspore volg.' En daar-
na sal ek uittrek." Daarop het
hy in gloeiende toorn van Farao
af weggegaan.

**9** Toe het Jehovah vir Moses
gesê: "Farao sal na julle nie luis-
ter nie,[b] sodat my wonderwer-
ke in Egipteland kan vermeer-
der."[c] **10** En Moses en Aäron
het al hierdie wonderwerke
voor Farao verrig;[d] maar Jeho-
vah het Farao se hart onverset-
lik laat word, sodat hy die kin-
ders van Israel nie uit sy land
weggestuur het nie.[e]

**12** Jehovah het toe vir Mo-
ses en Aäron in Egipte-
land gesê: **2** "Hierdie maand
sal vir julle die begin van die
maande wees. Dit sal vir julle
die eerste van die maande van
die jaar wees.[f] **3** Praat met
die hele vergadering van Israel
en sê: 'Op die tiende dag van
hierdie maand moet hulle vir
hulle elkeen 'n skaap[g] vir die
voorvaderlike huis neem, 'n
skaap per huis. **4** Maar as die
huisgesin te klein is vir die
skaap, dan moet hy en sy naas-
te buurman dit in sy huis neem
volgens die getal siele; met be-
trekking tot die skaap moet jul-
le elkeen reken na gelang van
wat hy eet. **5** Die skaap moet
vir julle sonder gebrek wees,[h]
'n jaaroud rammetjie.[i] Julle
mag uit die jong ramme of uit
die bokke kies. **6** En dit moet
by julle in bewaring bly tot
die veertiende dag van hierdie
maand,[j] en die hele gemeente
van die vergadering van Israel
moet dit tussen die twee aande
slag.[k] **7** En hulle moet van die
bloed neem en die twee deur-
poste en die boonste deel van
die deuropening van die huise

**HFST. 10**
a Eks 10:11
b 2Kr 16:10
c Heb 11:27

**HFST. 11**
d Eks 12:31, De 4:34
e Eks 3:20, Eks 12:32
f Eks 3:22, Eks 12:35, Ps 105:37, Spr 13:22
g Eks 3:21, Eks 12:36
h 2Sa 7:9, Est 9:4, Han 7:22
i Eks 12:29, Am 4:10
j Eks 4:23, Eks 13:15, Ps 78:51, Ps 105:36, Ps 136:10, Heb 11:28
k Eks 12:12, Ps 135:8
l Eks 12:30
m Jos 10:21
n Eks 8:22, Eks 9:4, Eks 10:23, Eks 12:13, Ps 91:7, Mal 3:18

**Tweede kol.**
a Eks 12:33
b Eks 3:19, Eks 7:4, Ro 9:18
c Eks 7:3, Jer 32:20
d Ps 135:9
e Eks 4:21, Eks 9:16, Eks 10:20, 1Sa 6:6, Jes 26:10

**HFST. 12**
f Eks 13:4, Eks 23:15, Eks 34:18, Nu 28:16, De 16:1, Est 3:7
g Ge 22:8, Joh 1:29, 1Ko 5:7, Op 5:6, Op 7:10
h Le 22:19, De 17:1, Mal 1:14, Heb 7:26, Heb 9:14, 1Pe 1:19
i Le 1:3, Le 23:12
j Nu 28:16, Ese 45:21
k Eks 12:18, Eks 16:12, Le 23:5, Nu 9:3, De 16:6

waarin hulle dit sal eet, daar-
mee bespat.[a]
**8** “‘En hulle moet die vleis
dieselfde nag eet.[b] Hulle moet
dit oor die vuur gebraai eet,
en saam met ongesuurde koe-
ke[c] tesame met bitter kruie.[d]
**9** Moet niks daarvan rou of ge-
kook, in water gaargemaak, eet
nie, maar oor die vuur gebraai,
sy kop tesame met sy pootjies
en sy binnegoed. **10** En julle
mag niks daarvan tot die og-
gend toe laat oorbly nie, maar
wat daarvan tot die oggend
toe oorbly, moet julle met vuur
verbrand.[e] **11** En só moet jul-
le dit eet: met julle heupe om-
gord,[f] sandale[g] aan julle voete
en julle staf in julle hand; en
julle moet dit haastig eet.
Dit is die pasga van Jehovah.[h]
**12** En ek sal in dié nag deur
Egipteland trek[i] en elke eersge-
borene in Egipteland tref, mens
sowel as dier;[j] en aan al die
gode van Egipte sal ek strafge-
rigte voltrek.[k] Ek is Jehovah.[l]
**13** En die bloed sal dien as jul-
le teken aan die huise waarin
julle is; en ek sal die bloed sien
en julle oorslaan,[m] en die plaag
sal nie tot vernietiging oor jul-
le kom wanneer ek Egipteland
tref nie.
**14** “‘En dié dag moet vir jul-
le as ’n gedagtenis dien, en jul-
le moet dit in al julle geslagte
as ’n fees vir Jehovah vier. As
’n insetting tot onbepaalde tyd
moet julle dit vier. **15** Sewe
dae moet julle ongesuurde koe-
ke eet. Ja, op die eerste dag
moet julle die suurdeeg uit jul-
le huise verwyder, want elk-
een wat iets gesuurds eet, van
die eerste dag af tot die sewen-
de toe,[n] dié siel moet uit Israel
uitgeroei word.[o] **16** En op die
eerste dag moet daar vir jul-
le ’n heilige byeenkoms wees,
en op die sewende dag ’n heilige
byeenkoms.[a] Geen werk moet
daarop gedoen word nie.[b] Net
wat elke siel nodig het om te
eet, dit alleen mag vir julle ge-
doen word.[c]
**17** “‘En julle moet die fees
van die ongesuurde koeke
hou,[d] want op dié dag sal ek
julle leërs uit Egipteland uit-
lei. En julle moet dié dag in
al julle geslagte as ’n insetting
tot onbepaalde tyd hou. **18** In
die eerste maand, op die veer-
tiende dag van die maand, in
die aand, moet julle ongesuurde
koeke eet tot die een-en-twin-
tigste dag van die maand, in
die aand.[e] **19** Sewe dae mag
daar geen suurdeeg in julle hui-
se gevind word nie, want elkeen
wat iets gesuurds eet, hetsy hy
’n inwonende vreemdeling of ’n
boorling van die land is,[f] dié siel
moet uit die vergadering van Is-
rael uitgeroei word.[g] **20** Niks
gesuurds mag julle eet nie. In al
julle woonplekke moet julle on-
gesuurde koeke eet.’”
**21** Dadelik het Moses al die
ouer manne van Israel geroep[h]
en vir hulle gesê: “Gaan uit en
neem vir julle kleinvee volgens
julle families, en slag die pasga-
offer.[i] **22** En julle moet ’n bos-
sie hisop[j] neem en dit in die
bloed in ’n kom doop en van die
bloed wat in die kom is, aan die
boonste deel van die deurope-
ning en aan die twee deurpos-
te stryk; en niemand van jul-
le mag tot die oggend toe by
die ingang van sy huis uit-
gaan nie. **23** Wanneer Jeho-
vah dan deurtrek om die Egip-
tenaars met die plaag te tref en
die bloed aan die boonste deel
van die deuropening en aan die
twee deurposte sien, sal Jeho-
vah beslis die ingang oorslaan,
en hy sal nie toelaat dat die

**HFST. 12**
a 1Ko 5:7, Ef 1:7, Heb 11:28, 1Pe 1:2
b De 16:7, Mt 26:17
c Eks 13:3, Eks 34:25, De 16:3, 1Ko 5:8
d Eks 1:14, Nu 9:11
e Le 7:15, Le 22:30, De 16:4
f Lu 12:35, Ef 6:14, 1Pe 1:13
g Ef 6:15
h Nu 28:16, De 16:6
i Eks 11:4, Am 5:17
j Eks 11:5, Eks 12:29
k Nu 33:4, Jes 19:1, Jer 43:13, Sef 2:11
l 1Ko 8:6
m Mt 20:28, Ro 5:9, Heb 11:28, 1Jo 1:7
n Eks 23:15, Le 23:6
o Nu 9:13

**Tweede kol.**
a Le 23:4
b Le 23:8
c Mt 12:1
d Le 23:6, Lu 22:1, 1Ko 5:8
e Le 23:5, Le 23:6, Ese 45:21
f Eks 12:49, Nu 9:14, De 16:3, 1Ko 5:7
g Nu 9:13
h Eks 3:16, Eks 19:7, Nu 11:16
i Nu 9:2, Jos 5:10, 2Kn 23:21, 2Kr 35:6, Esr 6:20, Lu 22:7
j Le 14:6, Ps 51:7, Heb 9:19

vernietiging in julle huise in-
gaan om julle met die plaag te
tref nie.[a]
**24** “En julle moet hierdie
saak onderhou as ’n voorskrif[b]
vir jou en jou kinders tot onbe-
paalde tyd.[c] **25** En wanneer
julle in die land kom wat Jeho-
vah aan julle sal gee, net soos
hy gesê het, dan moet julle hier-
die diens onderhou.[d] **26** En
wanneer julle kinders vir julle
sê: ‘Wat beteken hierdie diens
vir julle?’[e] **27** dan moet julle
sê: ‘Dit is die offerande van
die pasga aan Jehovah,[f] wat die
huise van die kinders van Is-
rael in Egipte oorgeslaan het
toe hy die Egiptenaars met die
plaag getref maar ons huise be-
vry het.’”
Toe het die volk laag ge-
buig en hulle neergewerp.[g]
**28** Daarna het die kinders van
Israel gegaan en gedoen net
soos Jehovah Moses en Aäron
beveel het.[h] Hulle het net so ge-
doen.
**29** En om middernag het Je-
hovah elke eersgeborene in
Egipteland getref,[i] van die
eersgeborene van Farao af wat
op sy troon gesit het tot die
eersgeborene van die gevange-
ne wat in die kerker was, en
elke eersgeborene van die die-
re.[j] **30** Toe het Farao in die
nag opgestaan, hy en al sy
knegte en al die ander Egipte-
naars; en daar het ’n groot ge-
skreeu onder die Egiptenaars
ontstaan,[k] want daar was nie ’n
huis waar daar nie ’n dooie was
nie. **31** Dadelik het hy Moses
en Aäron in die nag geroep[l] en
gesê: “Staan op, trek weg on-
der my volk uit, julle sowel as
die ander kinders van Israel,
en gaan, dien Jehovah, net soos
julle gesê het.[m] **32** Neem jul-
le kleinvee sowel as julle bees-
te, net soos julle gesê het,[a] en
gaan. En ook moet julle my
seën.”
**33** En die Egiptenaars het
die volk begin aanspoor, om
hulle gou[b] uit die land te stuur,
“want”, het hulle gesê, “ons
almal is so goed as dood!”[c]
**34** Gevolglik het die volk hulle
deeg geneem voordat dit inge-
suur is, met hulle knieskottels
in hulle mantels toegebind op
hulle skouers. **35** En die kin-
ders van Israel het gedoen vol-
gens die woord van Moses deur-
dat hulle van die Egiptenaars
silwervoorwerpe en goue voor-
werpe en mantels gevra het.[d]
**36** En Jehovah het aan die volk
guns verleen in die oë van die
Egiptenaars,[e] sodat dié aan hul-
le gegee het wat gevra is;[f] en
hulle het die Egiptenaars ge-
stroop.[g]
**37** En die kinders van Israel
het uit Ramses[h] na Sukkot[i] ver-
trek, soveel as seshonderddui-
send manne te voet, buiten die
kindertjies.[j] **38** En ’n groot
gemengde geselskap[k] het ook
saam met hulle opgetrek, as-
ook kleinvee en beeste, ’n baie
groot hoeveelheid vee. **39** En
hulle het van die deeg wat hul-
le uit Egipte gebring het, ronde
koeke, ongesuurde koeke, begin
bak, want dit was nie ingesuur
nie, omdat hulle uit Egipte uit-
gedryf is en nie kon talm nie, en
ook het hulle geen padkos vir
hulle gemaak nie.[l]
**40** En die tyd van die ver-
blyf van die kinders van Is-
rael, wat in Egipte[m] gewoon
het,[n] was vierhonderd-en-der-
tig jaar.[o] **41** En aan die einde
van die vierhonderd-en-dertig
jaar, ja, op daardie selfde dag,
het al die leërs van Jehovah uit
Egipteland uitgetrek.[p] **42** Dit
is ’n nag wat gehou moet word

**HFST. 12**
a Jes 37:36, Ese 9:6, Heb 11:28
b Le 23:4, De 16:3
c Ef 2:15, Kol 2:14, Heb 8:13
d Jos 5:10, Ps 105:45
e Eks 13:8, De 6:7, Jos 4:6, Ps 78:6, Ps 145:4, Ef 6:4
f Eks 34:25, De 16:2, 1Ko 5:7
g Eks 4:31, Ne 8:6
h Heb 11:28
i Ge 15:14, Nu 33:4, Ps 78:51, Ps 105:36, Ps 136:10, Heb 11:28
j Eks 11:5, Nu 3:13, Ps 135:8
k Eks 11:6
l Eks 10:29
m Eks 3:20, Eks 6:1, Eks 10:9, Ps 105:38

**Tweede kol.**
a Eks 10:26
b Eks 12:11
c Ge 20:3, Eks 10:7, Nu 17:12
d Ge 15:14, Eks 3:21, Eks 11:2, Ps 105:37
e Eks 11:3, Spr 16:7
f De 15:15
g Eks 3:22
h Ge 47:11, Eks 1:11
i Nu 33:5
j Ge 12:2, Ge 15:5, Ge 46:3, Eks 1:7, Eks 38:26, Nu 2:32, Nu 11:21
k Nu 11:4, Sag 8:23
l Eks 6:1, Eks 11:1, Eks 12:31
m Ge 46:3, Ge 47:27, Han 13:17
n Ge 12:4, Ge 21:5, Ge 25:26, Ge 47:9
o Ge 15:13, Han 7:6, Ga 3:17
p Eks 7:4

vir Jehovah, omdat hy hulle uit
Egipteland uitgelei het. Vir Je-
hovah moet hierdie nag gehou
word deur al die kinders van Is-
rael in al hulle geslagte.[a]

**43** En Jehovah het verder
vir Moses en Aäron gesê: "Dít
is die insetting van die pas-
ga:[b] Geen uitlander mag daar-
van eet nie.[c] **44** Maar waar
daar 'n manlike slaaf is wat met
geld gekoop is, moet jy hom
besny.[d] Eers dan mag hy daar-
van eet. **45** 'n Bywoner en
'n loonarbeider mag nie daar-
van eet nie. **46** In een huis
moet dit geëet word. Jy mag
niks van die vleis uit die huis
na 'n plek buite neem nie. En
julle mag geen been daarvan
breek nie.[e] **47** Die hele verga-
dering van Israel moet dit vier.[f]
**48** En as 'n inwonende vreem-
deling as 'n vreemdeling by jou
woon en hy die pasga vir Jeho-
vah wil vier, moet almal by hom
wat manlik is, besny word.[g]
Eers dan mag hy nader kom
om dit te vier; en hy moet soos
'n boorling van die land word.
Maar geen onbesnedene mag
daarvan eet nie. **49** Een wet
moet daar wees vir die boorling
en vir die inwonende vreemde-
ling wat as 'n vreemdeling on-
der julle woon."[h]

**50** Toe het al die kinders van
Israel gedoen net soos Jeho-
vah Moses en Aäron beveel
het. Hulle het net so gedoen.[i]
**51** En op daardie selfde dag het
Jehovah die kinders van Israel
met hulle leërs[j] uit Egipteland
uitgelei.

**13** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en
gesê: **2** "Heilig vir my al
die manlike eersgeborenes wat
elke moederskoot open onder
die kinders van Israel, onder
mense en diere. Dit is myne."[k]

**3** En Moses het vir die volk
gesê: "Onthou dié dag waarop
julle uit Egipte, uit die slawe-
huis, uitgegaan het,[a] want deur
die sterkte van sy hand het Je-
hovah julle hiervandaan uitge-
lei.[b] Daarom mag niks gesuurds
geëet word nie.[c] **4** Vandag
trek julle uit, in die maand
Abib.[d] **5** En wanneer Jehovah
jou gebring het in die land van
die Kanaäniete en die Hetiete
en die Amoriete en die Hewie-
te en die Jebusiete,[e] wat hy aan
jou voorvaders met 'n eed be-
loof het om aan jou te gee,[f]
'n land wat oorloop van melk
en heuning,[g] dan moet jy hier-
die diens in hierdie maand ver-
rig. **6** Sewe dae moet jy on-
gesuurde koeke eet,[h] en op
die sewende dag is 'n fees vir Je-
hovah.[i] **7** Ongesuurde koeke
moet die sewe dae geëet word;[j]
en niks gesuurds mag by jou ge-
sien word nie,[k] en geen suur-
deeg mag binne al jou grense
by jou gesien word nie.[l] **8** En
jy moet jou seun op dié dag
vertel en sê: 'Dit is weens die
dinge wat Jehovah vir my ge-
doen het toe ek uit Egipte uit-
getrek het.'[m] **9** En dit moet
vir jou dien as 'n teken op jou
hand en as 'n gedagtenis tussen
jou oë,[n] sodat Jehovah se wet in
jou mond mag wees;[o] want deur
'n sterk hand het Jehovah jou
uit Egipte uitgelei.[p] **10** En jy
moet hierdie insetting van jaar
tot jaar op die vasgestelde tyd
daarvoor onderhou.[q]

**11** "En wanneer Jehovah jou
in die land van die Kanaäniete
bring,[r] net soos hy aan jou en
jou voorvaders met 'n eed be-
loof het,[s] en wanneer hy dit aan
jou gee, **12** dan moet jy elk-
een wat die moederskoot open,[t]
asook elke eersteling, die klein-
tjie van 'n dier,[u] wat joune

**HFST. 12**

a Eks 12:14; De 16:1
b Le 23:5; Nu 9:14; De 16:2; Jos 5:10; Mr 14:1; 1Ko 5:7
c Le 22:10; Ef 2:12
d Ge 17:12; Ge 17:23
e Nu 9:12; Ps 34:20; Joh 19:33; Joh 19:36
f Nu 9:14
g Ge 17:12
h Le 24:22; Nu 15:16; Ga 3:28; Kol 3:11
i Eks 7:6; Eks 39:32; De 12:32
j Eks 6:26; Eks 13:18

**HFST. 13**

k Le 27:26; Nu 3:13; Nu 18:15; De 15:19; Lu 2:23

**Tweede kol.**

a Eks 12:42; De 16:3
b Eks 6:1; De 4:34; Ne 9:10
c Eks 12:20; 1Ko 5:7
d Eks 23:15; Eks 34:18; De 16:1
e Eks 3:8; Eks 34:11; 1Kn 9:20
f Ge 15:18; Eks 6:8; Han 7:5
g Eks 3:17; De 6:3; De 8:8
h Eks 12:15; Eks 34:18; 1Ko 5:8
i Eks 10:9; Le 23:8; Lu 22:1
j Eks 23:15
k De 16:3
l Eks 12:19
m Eks 12:27
n Eks 12:14; De 6:8; De 11:18
o Spr 23:16
p Eks 6:1; Eks 7:4
q Eks 12:24; Eks 23:15; Le 23:6; De 16:3
r Ne 9:24
s Ge 15:18; Ps 105:42
t Nu 3:13
u Le 27:26

sal wees, aan Jehovah wy. Wat
manlik is, behoort aan Jeho-
vah.[a] **13** En elke eersteling
van ’n esel moet jy met ’n skaap
loskoop, en as jy dit nie loskoop
nie, dan moet jy sy nek breek.[b]
En elke eersgeborene van die
mens onder jou seuns moet jy
loskoop.[c]

**14** “En as jou seun jou later
vra[d] en sê: ‘Wat beteken dit?’
dan moet jy vir hom sê: ‘Deur
die sterkte van sy hand het
Jehovah ons uit Egipte,[e] uit
die slawehuis,[f] uitgelei. **15** En
Farao het hom hardkoppig
daarteen verset om ons weg te
stuur,[g] en toe het Jehovah elke
eersgeborene in Egipteland ge-
dood,[h] die eersgeborene van die
mense sowel as die eersgebore-
ne van die diere.[i] Daarom bring
ek alles wat manlik is wat die
moederskoot open[j] as offeran-
de aan Jehovah, en elke eers-
geborene van my seuns koop ek
los.’[k] **16** En dit moet dien as
’n teken op jou hand en as ’n
voorhoofsband tussen jou oë,[l]
want deur die sterkte van sy
hand het Jehovah ons uit Egip-
te uitgelei.”[m]

**17** En toe Farao die volk
wegstuur, het God hulle nie
met die pad van die land van
die Filistyne gelei net omdat
dit nader was nie, want God
het gesê: “Dalk sal die volk spyt
voel wanneer hulle oorlog sien
en beslis na Egipte terugkeer.”[n]
**18** God het die volk derhalwe
met ’n omweg met die pad van
die wildernis van die Rooi See
laat gaan.[o] Die kinders van Is-
rael het egter in slagorde uit
Egipteland opgetrek.[p] **19** En
Moses het Josef se beendere
saam met hom geneem, want
hy het die seuns van Israel pleg-
tig laat sweer deur te sê: “God
sal vir seker sy aandag op julle
rig,[a] en julle moet my beende-
re saam met julle hiervandaan
opneem.”[b] **20** En hulle het uit
Sukkot vertrek en by Etam
aan die rand van die wildernis
kamp opgeslaan.[c]

**21** En Jehovah het bedags in
’n wolkkolom voor hulle uit ge-
trek om hulle op die pad te lei,[d]
en snags in ’n vuurkolom, om
hulle lig te gee om bedags en
snags te trek.[e] **22** Die wolk-
kolom het nie bedags en die
vuurkolom het nie snags voor
die volk gewyk nie.[f]

**14** Jehovah het toe met Mo-
ses gepraat en gesê:
**2** “Sê vir die kinders van Is-
rael dat hulle moet terugdraai
en voor Pi-Hagirot kamp moet
opslaan, tussen Migdol en die
see voor Baäl-Sefon.[g] Daar-
teenoor moet julle kamp op-
slaan by die see. **3** Dan sal Fa-
rao beslis van die kinders van
Israel sê: ‘Hulle dwaal verward
in die land rond. Die wildernis
het hulle ingesluit.’[h] **4** En ek
sal Farao se hart inderdaad on-
versetlik laat word,[i] en hy sal
hulle beslis agternasit, en ek sal
vir my heerlikheid verkry deur
middel van Farao en sy hele
krygsmag;[j] en die Egiptenaars
sal beslis weet dat ek Jehovah
is.”[k] En hulle het net so gedoen.

**5** Later is daar aan die ko-
ning van Egipte berig gebring
dat die volk gevlug het. On-
middellik het die hart van Fa-
rao sowel as van sy knegte
teenoor die volk verander,[l] so-
dat hulle gesê het: “Wat het
ons nou gedoen, dat ons Is-
rael weggestuur het, sodat hul-
le ons nie meer as slawe dien
nie?”[m] **6** Toe het hy sy stryd-
waens gereedgemaak, en hy
het sy manskappe saam met
hom geneem.[n] **7** En hy het

HFST. 13
a Eks 22:29 Eks 34:19 Nu 8:17 De 15:19 Lu 2:23
b Eks 34:20
c Nu 18:15
d Eks 12:26 De 6:20 Ps 145:4
e De 26:8
f De 7:8
g Eks 5:2
h Ps 78:51 Ps 135:8
i Eks 11:5 Eks 12:29
j Eks 13:2 Eks 13:12 De 21:17
k Eks 6:6
l De 6:8 De 11:18
m Eks 6:1 Jud 5
n Eks 14:11 Eks 16:3 Nu 14:3 Ne 9:17 Han 7:39
o Eks 14:2 Nu 33:5
p Eks 12:51

Tweede kol.
a Ps 135:4 Lu 1:68 Lu 7:16
b Ge 50:25 Jos 24:32 Heb 11:22
c Nu 33:6
d Eks 14:19 Nu 9:15 De 1:33 Ne 9:12 Ps 99:7
e Eks 14:24 Nu 14:14 Ps 78:14
f Ps 105:39 1Ko 10:1

HFST. 14
g Eks 13:18 Nu 33:7
h Ps 71:11
i Eks 4:21 Eks 7:13 Ro 9:18
j Eks 9:16 Eks 15:11 Eks 18:11 Jos 2:10 Ne 9:11 Jes 2:11 Ro 9:17
k Eks 7:5 Eks 8:22 Ps 83:18 Ese 26:6
l Eks 12:33 Ps 105:25
m Rig 6:8 1Sa 2:27 1Sa 6:6
n Eks 14:23

seshonderd uitgesoekte stryd-
waens[a] geneem en al die an-
der strydwaens van Egipte, en
krygsmanne op elkeen. **8** So
het Jehovah die hart van Fa-
rao, die koning van Egipte, on-
versetlik laat word,[b] en hy het
die kinders van Israel agterna-
gesit, terwyl die kinders van
Israel met opgehefte hand uit-
getrek het.[c] **9** En die Egipte-
naars het hulle agternagesit, en
al die strydwaperde van Farao
en sy ruiters[d] en sy krygsmag
het hulle ingehaal terwyl hulle
in hulle kamp by die see was, by
Pi-Hagirot voor Baäl-Sefon.[e]

**10** Toe Farao naby kom, het
die kinders van Israel hulle oë
opgeslaan, en kyk, die Egipte-
naars het agter hulle aan ge-
trek; en die kinders van Israel
het baie bang geword en tot Je-
hovah begin roep.[f] **11** En hul-
le het vir Moses gesê: "Is dit om-
dat daar hoegenaamd geen
grafte in die hele Egipte is nie
dat u ons hierheen gebring het
om in die wildernis te sterf?[g]
Wat het u ons aangedoen deur
ons uit Egipte uit te lei? **12** Is
dit nie die woord wat ons met u
in Egipte gespreek het nie, toe
ons gesê het: 'Laat ons staan,
sodat ons die Egiptenaars kan
dien'? Want dit is vir ons beter
om die Egiptenaars te dien as
om in die wildernis te sterf."[h]
**13** Toe het Moses vir die volk
gesê: "Moenie bang wees nie.[i]
Staan vas en sien die redding
van Jehovah, wat hy vandag
vir julle sal bewerk.[j] Want die
Egiptenaars wat julle vandag
sien, sal julle nie weer sien nie,
nee, nooit weer nie.[k] **14** Jeho-
vah sal vir julle veg,[l] en julle
moet stil wees."

**15** Jehovah het toe vir Mo-
ses gesê: "Waarom bly jy tot my
roep?[m] Sê vir die kinders van
Israel dat hulle kamp moet op-
breek. **16** Wat jou betref, lig
jou staf op[a] en steek jou hand
oor die see uit en kloof dit,[b] so-
dat die kinders van Israel op
droë grond deur die see kan
trek.[c] **17** Wat my betref, kyk,
ek laat die hart van die Egipte-
naars onversetlik word,[d] sodat
hulle agter hulle aan sal intrek
en sodat ek vir my heerlikheid
kan verkry deur middel van Fa-
rao en sy hele krygsmag, sy
strydwaens en sy ruiters.[e]
**18** En die Egiptenaars sal be-
slis weet dat ek Jehovah is wan-
neer ek vir my heerlikheid ver-
kry deur middel van Farao, sy
strydwaens en sy ruiters."[f]

**19** Toe het die engel[g] van die
ware God wat voor die kamp
van Israel uit getrek het, weg-
getrek en na hulle agterhoe-
de gegaan, en die wolkkolom
het van hulle voorhoede wegge-
trek en agter hulle gaan staan.[h]
**20** So het dit tussen die kamp
van die Egiptenaars en die
kamp van Israel gekom.[i] Aan
die een kant was dit 'n wolk te-
same met duisternis. Aan die
ander kant het dit die nag bly
verlig.[j] En die hele nag deur het
die een groep nie naby die an-
der groep gekom nie.

**21** Moses het toe sy hand oor
die see uitgesteek;[k] en Jehovah
het die see deur 'n sterk ooste-
wind laat wegvloei, die hele nag
deur, en die seebodem in droë
grond verander,[l] en die waters
is gekloof.[m] **22** Eindelik het
die kinders van Israel op droë
grond deur die see getrek,[n] ter-
wyl die waters vir hulle 'n muur
aan hulle regter- en aan hul-
le linkerkant was.[o] **23** En die
Egiptenaars het die agtervol-
ging hervat, en al die perde van
Farao, sy strydwaens en sy rui-
ters het agter hulle aan begin

**HFST. 14**

a Jos 17:16, Rig 4:3
b Eks 7:3, De 2:30, Jos 11:20, Ps 10:2, Spr 16:18
c Nu 33:3
d Eks 15:19
e Eks 15:9, Jos 24:6
f Jos 24:7, Ne 9:9, Ps 34:17, Ps 107:6
g Eks 16:3, Eks 17:3, Nu 14:2, Ps 106:7
h Eks 5:21, Eks 6:9, Heb 3:16, Heb 10:38
i Nu 14:9, De 20:3, 2Kr 20:15, Ps 27:1, Ps 46:1, Jes 41:10
j 2Kr 20:17, Spr 29:25
k Eks 14:30, Eks 15:5, Ps 136:15, Spr 16:4, Ne 9:11
l De 1:30, De 20:4, 2Kr 20:29
m Jos 7:10

**Tweede kol.**

a Eks 4:20, Eks 17:9
b Ps 78:13
c Ne 9:11
d Eks 4:21, Eks 7:13, Ro 9:18
e Eks 9:16, Jos 24:6, Ro 9:17
f Eks 14:4
g Ge 48:16, Eks 32:34, Nu 20:16, Jud 9
h Eks 13:21, Ps 34:7, Jes 52:12
i Jos 24:7
j Ps 105:39
k Eks 14:16, Han 7:36
l Jos 2:10, Ps 66:6, Ps 106:9, Ps 114:3, Jes 51:10
m Ne 9:11, Ps 78:13, Ps 136:13, Jes 63:12
n Eks 15:19, Nu 33:8, Jes 63:13, 1Ko 10:1, Heb 11:29
o Eks 15:8

intrek,[a] die see in. **24** En ge-
durende die oggendwaak het
Jehovah vanuit die vuur- en
wolkkolom[b] op die kamp van
die Egiptenaars begin afkyk,
en hy het die kamp van die
Egiptenaars in verwarring ge-
bring.[c] **25** En hy het die wiele
van hulle strydwaens aanhou-
dend laat uitval sodat hulle dit
met moeite gestuur het;[d] en die
Egiptenaars het begin sê: "Laat
ons wegvlug van enige kontak
met Israel, want Jehovah veg
beslis vir hulle teen die Egipte-
naars."[e]

**26** Uiteindelik het Jehovah
vir Moses gesê: "Steek jou hand
oor die see uit,[f] sodat die wa-
ters oor die Egiptenaars, hulle
strydwaens en hulle ruiters kan
terugvloei." **27** Moses het da-
delik sy hand oor die see uit-
gesteek, en die see het teen
dagbreek na sy normale stand
begin terugvloei. Die hele tyd
het die Egiptenaars gevlug om
dit te ontwyk, maar Jehovah
het die Egiptenaars in die see
afgeskud.[g] **28** En die waters
het bly terugvloei.[h] Uiteindelik
het dit die strydwaens en die
ruiters bedek wat aan Farao se
hele krygsmag behoort het en
wat agter hulle aan die see in-
getrek het.[i] Nie eers een onder
hulle het oorgebly nie.[j]

**29** Wat die kinders van Is-
rael betref, hulle het op droë
grond op die seebodem geloop,[k]
en die waters was vir hulle 'n
muur aan hulle regter- en aan
hulle linkerkant.[l] **30** So het
Jehovah Israel op dié dag uit
die hand van die Egiptenaars
gered,[m] en Israel het die Egip-
tenaars dood op die seestrand
gesien.[n] **31** Israel het ook die
groot hand gesien wat Jeho-
vah teen die Egiptenaars aan-
gewend het; en die volk het be-
gin om Jehovah te vrees en om
geloof in Jehovah en in Moses,
sy kneg, te stel.[a]

**15** Toe het Moses en die kin-
ders van Israel hierdie
lied tot Jehovah gesing en die
volgende gesê:[b]

"Laat my tot Jehovah sing,
want hy het hoog verhewe geword.[c]
Die perd en sy ruiter het
hy in die see gewerp.[d]

**2** Jah is my sterkte en my
mag,[e] want hy kom tot
my redding.[f]
Hy is my God, en ek sal
hom prys;[g] my vader
se God,[h] en ek sal hom
verhef.[i]

**3** Jehovah is 'n krygsman.[j] Je-
hovah is sy naam.[k]

**4** Farao se strydwaens en sy
krygsmag het hy in die
see gewerp,[l]
En sy beste krygsmanne
het in die Rooi See gesink.[m]

**5** Die bruisende waters het
hulle bedek;[n] soos 'n
klip het hulle in die
dieptes afgesak.[o]

**6** U regterhand, o Jehovah, is
kragtig in vermoë,[p]
U regterhand, o Jehovah,
kan 'n vyand verpletter.[q]

**7** En in die volheid van u ver-
hewenheid kan u dié
neerwerp wat teen u
opstaan;[r]
U stuur u brandende
toorn uit, soos stoppels
verteer dit hulle.[s]

**8** En deur die asem van u
neusgate[t] is waters opgehoop;
Dit het bly staan soos 'n
dam van vloedwaters;

**HFST. 14**
a Eks 14:17; Ps 10:2
b Eks 13:21
c Eks 23:27; 1Sa 5:11; Ps 18:14
d Ps 76:6
e Eks 14:4; De 3:22; 1Sa 4:8
f Eks 7:19; Eks 8:5
g Eks 15:1
h Eks 15:10; De 11:4; Ne 9:11; Ps 78:53; Heb 11:29
i Ge 15:14; Eks 14:23; Jos 24:7
j Eks 14:13; Ps 106:11; Ps 136:15
k Ps 66:6; Ps 77:19
l Eks 14:22; Eks 15:8
m De 4:20; Ps 106:8
n Ps 58:10; Ps 59:10; Ps 91:8; Spr 16:4

**Tweede kol.**
a Eks 4:31; Eks 19:9; Ps 106:12

**HFST. 15**
b Rig 5:1; 2Sa 22:1; Op 15:3
c Eks 9:16; Eks 18:11; Ps 106:12
d Eks 15:21; Ps 136:15
e Eks 17:16; Ps 18:1; Jes 12:2; Flp 4:13
f Op 7:10
g 2Sa 22:47; Ps 99:5; Jes 25:1
h Eks 3:15
i Ps 83:18; Ps 148:13
j Ne 4:20; Ps 24:8
k Eks 6:3; Jes 42:8
l Eks 14:27; Jos 24:6
m Eks 14:7
n Jos 24:7
o Ne 9:11
p Ps 17:7; Ps 60:5; Ps 89:13; Ps 118:15; 1Pe 5:6
q Heb 10:31
r Ps 148:13; Jes 5:16; Jes 37:23

s De 4:24; Ps 59:13; Heb 12:29; t 2Sa 22:16; Ps 18:15.

Die bruisende waters is in die hart van die see gestol.
9 Die vyand het gesê: 'Ek sal agtervolg![a] Ek sal inhaal![b]
Ek sal buit verdeel![c] My siel sal versadig word van hulle!
Ek sal my swaard trek! My hand sal hulle verdryf!'[d]
10 U het met u asem geblaas,[e] die see het hulle bedek;[f]
Hulle het soos lood in majestueuse waters gesink.[g]
11 Wie onder die gode is soos u, o Jehovah?[h]
Wie is soos u, magtig in heiligheid?[i]
Die Een wat gevrees moet word[j] met lofliedere,[k] die Een wat wonders doen.[l]
12 U het u regterhand uitgesteek,[m] die aarde het hulle verswelg.[n]
13 In u liefderyke goedhartigheid het u die volk gelei wat u verlos het;[o]
In u krag sal u hulle beslis na u heilige woonplek voer.[p]
14 Volke sal hoor,[q] hulle sal in beroering wees;[r]
Geboortepyne[s] sal die inwoners van Filiste'a aangryp.
15 In dié tyd sal die sjeiks van Edom inderdaad ontsteld wees;
Wat die despote van Moab betref, bewing sal hulle aangryp.[t]
Al die inwoners van Kanaän sal inderdaad mismoedig wees.[u]
16 Skrik en angs sal op hulle val.[v]
Weens die grootheid van u arm sal hulle bewegingloos wees soos 'n klip,
Totdat u volk[a] verbytrek, o Jehovah,
Totdat die volk wat u voortgebring het,[b] verbytrek.[c]
17 U sal hulle bring en hulle plant op die berg van u erfdeel,[d]
'n Vaste plek wat u gereedgemaak het vir u om in te woon,[e] o Jehovah,
'n Heiligdom,[f] o Jehovah, wat u hande opgerig het.
18 Jehovah sal as koning heers tot onbepaalde tyd, ja, vir ewig.[g]
19 Toe Farao se perde[h] met sy strydwaens en sy ruiters in die see ingegaan het,[i]
Het Jehovah die waters van die see oor hulle laat terugvloei,[j]
Terwyl die kinders van Israel op droë grond deur die see geloop het."[k]

20 En die profetes Mirjam,
Aäron se suster,[l] het 'n tamboe-
ryn in haar hand geneem;[m] en
al die vroue het saam met haar
begin uitgaan met tamboeryne
en in danse.[n] 21 En Mirjam
het die manne in wisselsang bly
antwoord:[o]

"Sing tot Jehovah,[p] want hy het hoog verhewe geword.[q]
Die perd en sy ruiter het hy in die see gewerp."[r]

22 Later het Moses Israel
van die Rooi See laat wegtrek,
en hulle het uitgetrek na die
wildernis van Sur,[s] en hulle het
drie dae lank in die wildernis
getrek, maar hulle het geen wa-
ter gevind nie.[t] 23 Na verloop

HFST. 15
a Eks 14:8
b Eks 14:9
c Ese 38:12
d Eks 14:5 Jes 36:20
e Ge 8:1 Eks 14:21
f Eks 14:28 De 11:4
g Eks 15:5 Ne 9:11
h De 3:24 2Sa 7:22 1Ko 8:5
i Le 19:2 Jes 6:3 1Pe 1:16
j Lu 12:5 Heb 12:28
k Heb 2:12
l Eks 11:9
m Eks 15:6
n Ps 78:53 Heb 11:29
o Ps 106:10
p Ps 78:54
q Nu 14:14 Jos 2:10
r Ps 99:1
s Ps 48:6
t Nu 22:3
u Jos 2:11 Jos 5:1
v De 11:25 Jos 2:9

Tweede kol.
a Eks 19:5 De 32:9 2Sa 7:23
b Jes 43:1
c Nu 20:17 Nu 21:22 De 2:27
d De 4:21 Ps 44:2 Ps 78:54 Ps 80:8
e 1Kn 8:27
f Eks 25:8
g Ps 10:16 Ps 146:10 Da 4:3
h Eks 14:23 Spr 21:31
i Jos 24:6
j Eks 14:28 Heb 11:29
k Eks 14:22
l Nu 26:59
m Ps 81:2
n Rig 11:34 1Sa 18:6 2Sa 6:5 Ps 150:4 Jer 31:4
o 1Sa 18:7
p Rig 5:3
q Eks 14:17 Eks 18:11
r Eks 14:27
s Ge 16:7 Ge 25:18
t Eks 17:1

van tyd het hulle by Mara ge-
kom,[a] maar hulle kon nie die
water van Mara drink nie om-
dat dit bitter was. Daarom het
hy dit Mara genoem.[b] **24** En
die volk het teen Moses begin
murmureer[c] en gesê: "Wat moet
ons drink?" **25** Toe het hy tot
Jehovah geroep.[d] En Jehovah
het hom 'n boom gewys, en hy
het dit in die water gegooi, en
die water het soet geword.[e]

Daar het Hy vir hulle 'n voor-
skrif en 'n presedent vir oordeel
vasgestel en daar het hy hul-
le op die proef gestel.[f] **26** En
hy het gesê: "As jy nougeset na
die stem van Jehovah jou God
luister en doen wat reg is in sy
oë en inderdaad na sy gebooie
luister en al sy voorskrifte on-
derhou,[g] sal ek geeneen van die
kwale op jou lê wat ek op die
Egiptenaars gelê het nie;[h] want
ek is Jehovah wat jou gesond
maak."[i]

**27** Daarna het hulle by Elim
gekom, waar twaalf waterfon-
teine en sewentig palmbome
was.[j] Toe het hulle daar by die
water kamp opgeslaan.

**16** Later het hulle van Elim
vertrek,[k] en die hele ver-
gadering van die kinders van
Israel het uiteindelik in die wil-
dernis Sin gekom,[l] wat tussen
Elim en Si′nai lê, op die vyftien-
de dag van die tweede maand
ná hulle uittog uit Egipteland.

**2** En die hele vergadering
van die kinders van Israel het
in die wildernis teen Moses
en Aäron begin murmureer.[m]
**3** En die kinders van Israel het
vir hulle bly sê: "As ons maar
deur Jehovah se hand in Egip-
teland gesterf het,[n] terwyl ons
by die vleispotte gesit het,[o] ter-
wyl ons brood tot versadiging
toe geëet het, want julle het ons
tot in hierdie wildernis uitgelei
om hierdie hele gemeente van
honger te laat sterf."[a]

**4** Toe het Jehovah vir Mo-
ses gesê: "Kyk, ek laat vir jul-
le brood uit die hemel reën;[b] en
die volk moet uitgaan en dag na
dag elkeen sy hoeveelheid op-
tel,[c] sodat ek hulle op die proef
kan stel, of hulle in my wet sal
wandel of nie.[d] **5** En op die
sesde dag[e] moet hulle voorbe-
rei wat hulle sal inbring, en dit
moet dubbel soveel wees as wat
hulle dag na dag optel."[f]

**6** Toe het Moses en Aäron
vir al die kinders van Israel
gesê: "Vanaand sal julle beslis
weet dat dit Jehovah is wat jul-
le uit Egipteland uitgelei het.[g]
**7** En môreoggend sal julle in-
derdaad Jehovah se heerlikheid
sien,[h] want hy het julle murmu-
reringe teen Jehovah gehoor.
En wat is ons dat julle teen ons
moet murmureer?" **8** En Mo-
ses het verder gesê: "Dit sal
wees wanneer Jehovah julle in
die aand vleis gee om te eet en
in die oggend brood tot versadi-
ging toe, want Jehovah het julle
murmureringe gehoor wat julle
teen hom murmureer. En wat is
ons? Julle murmureringe is nie
teen ons nie, maar teen Jeho-
vah."[i]

**9** En Moses het vir Aäron
gesê: "Sê vir die hele verga-
dering van die kinders van Is-
rael: 'Kom nader voor Jehovah,
want hy het julle murmurerin-
ge gehoor.'"[j] **10** En onmid-
dellik nadat Aäron met die hele
vergadering van die kinders
van Israel gepraat het, het hul-
le hulle na die wildernis toe
gedraai, en kyk! Jehovah se
heerlikheid het in die wolk ver-
skyn.[k]

**11** En Jehovah het met Mo-
ses gepraat en gesê: **12** "Ek
het die murmureringe van die

**HFST. 15**
a Nu 33:8
b Rut 1:20
c Eks 16:2; Eks 17:3; Nu 11:1; 1Ko 10:10; Jud 16
d Eks 17:4; Ps 50:15
e 2Kn 2:21
f Eks 16:4; De 8:2; 1Pe 1:7
g Le 26:3; De 28:1; 1Jo 5:3
h Eks 9:10; De 7:15
i Eks 23:25; Ps 103:3
j Nu 33:9

**HFST. 16**
k Nu 33:10
l Nu 33:11
m Eks 15:24; Ps 106:25; 1Ko 10:10
n Nu 14:2; Jon 4:8
o Nu 11:4

**Tweede kol.**
a Eks 17:3; Nu 16:13; De 8:3; Klg 4:9
b Ps 78:24; Ps 105:40; Joh 6:31; 1Ko 10:3
c Ne 11:23; Spr 30:8; Mt 6:11
d De 8:2; Jak 1:3; 1Pe 1:7
e Eks 35:2
f Eks 16:22
g Eks 6:7; Nu 16:28; Ps 77:20; Jes 63:11
h Eks 24:10; Le 9:6; Nu 16:42; Joh 11:40
i Nu 21:7; 1Sa 8:7; Jes 32:6; Lu 10:16
j Eks 16:2; Nu 11:1
k Eks 13:21; Nu 16:19; 1Kn 8:11; Mt 17:5

kinders van Israel gehoor.[a] Praat met hulle en sê: ‘Tussen die twee aande sal julle vleis eet en in die oggend sal julle met brood versadig word;[b] en julle sal beslis weet dat ek Jehovah julle God is.’ ”[c]

**13** Toe het die kwartels[d] in die aand opgekom en die kamp oordek, en in die oggend was daar ’n doulaag rondom die kamp.[e] **14** Na ’n ruk het die doulaag verdamp, en kyk, op die oppervlak van die wildernis was daar iets fyns en vlokkerigs,[f] fyn soos ryp[g] op die aarde. **15** Toe die kinders van Israel dit sien, het hulle vir mekaar begin sê: “Wat is dit?” Want hulle het nie geweet wat dit is nie. Moses het derhalwe vir hulle gesê: “Dit is die brood wat Jehovah julle as voedsel gegee het.[h] **16** Dít is die woord wat Jehovah beveel het: ‘Tel daarvan op, elkeen na gelang van wat hy eet. Julle moet ’n gomer[i] vir elke persoon neem volgens die aantal siele wat elkeen van julle in sy tent het.’ ” **17** En die kinders van Israel het so begin doen; en hulle het dit opgetel—party het baie ingesamel en party het min ingesamel. **18** Wanneer hulle dit met die gomer gemeet het, het hy wat baie ingesamel het, niks oorgehad nie, en het hy wat min ingesamel het, nie ’n tekort gehad nie.[j] Hulle het dit opgetel, elkeen na gelang van hoeveel hy eet.

**19** Toe het Moses vir hulle gesê: “Niemand moet daarvan laat oorbly tot die oggend toe nie.”[k] **20** Maar hulle het nie na Moses geluister nie. Wanneer party daarvan laat oorbly het tot die oggend toe, het dit wurms voortgebring en gestink;[l] Moses het dus toornig geword op hulle.[a] **21** En hulle het dit oggend[b] na oggend opgetel, elkeen na gelang van hoeveel hy eet. Wanneer die son warm geword het, het dit gesmelt.

**22** En op die sesde dag het hulle twee keer soveel brood opgetel,[c] twee gomers vir een persoon. Toe het al die owerstes van die vergadering gekom en dit vir Moses vertel. **23** Daarop het hy vir hulle gesê: “Dit is wat Jehovah gesê het. Môre sal daar ’n sabbatsviering wees van ’n heilige sabbat vir Jehovah.[d] Wat julle kan bak, bak dit, en wat julle kan kook, kook dit,[e] en bêre vir julle alles wat oor is as iets wat tot die oggend toe bewaar moet word.” **24** Gevolglik het hulle dit tot die oggend toe gebêre, net soos Moses beveel het; en dit het nie gestink nie, en ook het geen wurms daarin gekom nie.[f] **25** Toe het Moses gesê: “Eet dit vandag, want vandag is ’n sabbat[g] vir Jehovah. Vandag sal julle dit nie in die veld vind nie. **26** Ses dae sal julle dit optel, maar op die sewende dag is dit ’n sabbat.[h] Daarop sal niks vorm nie.” **27** Maar op die sewende dag het party van die volk tog uitgegaan om dit op te tel, maar hulle het niks gevind nie.

**28** Gevolglik het Jehovah vir Moses gesê: “Hoe lank gaan julle weier om my gebooie en my wette te onderhou?[i] **29** Let daarop dat Jehovah julle die sabbat gegee het.[j] Daarom gee hy julle op die sesde dag brood vir twee dae. Elkeen moet op sy plek bly.[k] Laat niemand op die sewende dag sy woonplek verlaat nie.” **30** En die volk het die sabbat op die sewende dag gehou.[l]

**HFST. 16**
a Nu 14:27; Jud 16
b Ps 105:40
c Eks 4:5; Eks 6:7; Ese 34:31
d Nu 11:31; Ps 78:27
e Nu 11:9
f Nu 11:7; De 8:3; Ne 9:15; Ps 78:24
g Ps 147:16
h Nu 21:5; De 8:16; Jos 5:12; Joh 6:31; Joh 6:58; 1Ko 10:3; Heb 9:4
i Eks 16:36
j 2Ko 8:15
k Eks 12:10; Mt 6:34
l Mt 6:19

**Tweede kol.**
a Eks 32:19; Nu 16:15; Ef 4:26
b Mt 6:11
c Eks 16:5
d Eks 20:8; Eks 31:15; Eks 35:2; Le 23:3; Mr 2:27
e Nu 11:8
f Eks 16:33
g Ne 9:14
h Eks 20:9; Eks 31:13; De 5:15; Jer 17:22; Mt 12:12; Lu 13:15
i Nu 14:11; 2Kn 17:14; Ps 78:10; Ps 81:13; Ps 106:13; Lu 16:31
j Eks 31:13; Jes 58:13; Ese 20:12
k Lu 23:56
l Le 23:3; De 5:14

**31** En die huis van Israel het
dit “manna” genoem. En dit
was wit soos koljandersaad, en
dit het soos plat heuningkoe-
ke gesmaak.[a] **32** Toe het Mo-
ses gesê: “Dít is die woord wat
Jehovah beveel het: ‘Maak ’n
gomer daarmee vol as iets wat
in al julle geslagte bewaar moet
word,[b] sodat hulle die brood
kan sien wat ek julle in die wil-
dernis laat eet het toe ek jul-
le uit Egipteland uitgelei het.’ ”[c]
**33** Toe het Moses vir Aäron ge-
sê: “Neem ’n kruik en plaas
daarin ’n gomer vol manna en
sit dit voor Jehovah neer as iets
wat in al julle geslagte bewaar
moet word.”[d] **34** Net soos Je-
hovah Moses beveel het, het
Aäron dit voor die Getuienis[e]
neergesit as iets wat bewaar
moes word. **35** En die kinders
van Israel het die manna veer-
tig jaar lank geëet,[f] totdat hul-
le in ’n bewoonde land gekom
het.[g] Hulle het die manna geëet
totdat hulle by die grens van
die land Kanaän gekom het.[h]
**36** En ’n gomer is ’n tiende van
’n efa.

**17** En die hele vergadering
van die kinders van Is-
rael het uit die wildernis Sin
vertrek[i] in skofte, wat hul-
le afgelê het volgens die be-
vel van Jehovah,[j] en in Re′fidim
kamp opgeslaan.[k] Maar daar
was geen water vir die volk om
te drink nie.

**2** En die volk het met Moses
begin rusie maak en gesê:[l] “Gee
vir ons water sodat ons kan
drink.” Maar Moses het vir hul-
le gesê: “Waarom maak julle ru-
sie met my? Waarom hou julle
aan om Jehovah op die proef te
stel?”[m] **3** En die volk het daar
na water bly dors, en die volk
het aangehou om teen Moses te
murmureer en te sê: “Waarom
het u ons uit Egipte laat optrek
om ons en ons kinders en ons
vee van dors te laat omkom?”[a]
**4** Uiteindelik het Moses tot Je-
hovah geroep en gesê: “Wat
moet ek met hierdie volk doen?
Netnou stenig hulle my!”[b]

**5** Toe het Jehovah vir Moses
gesê: “Trek voor die volk uit[c] en
neem van die ouer manne van
Israel saam met jou en jou staf
waarmee jy die Nylrivier ge-
slaan het.[d] Neem dit in jou
hand, en jy moet verder loop.
**6** Kyk! Ek staan daar voor jou
op die rots in Horeb. En jy moet
op die rots slaan, en water sal
daaruit kom, en die volk moet
dit drink.”[e] Toe het Moses dit
gedoen voor die oë van die ouer
manne van Israel. **7** Daarom
het hy die plek Massa[f] en Me′-
riba[g] genoem, weens die ru-
sie van die kinders van Israel
en omdat hulle Jehovah op die
proef gestel het[h] deur te sê: “Is
Jehovah in ons midde of nie?”[i]

**8** En die Amalekiete[j] het in
Re′fidim[k] teen Israel kom veg.
**9** Hierop het Moses vir Josua[l]
gesê: “Kies vir ons manne en
trek uit,[m] veg teen die Amale-
kiete. Môre gaan ek op die top
van die heuwel staan, met die
staf van die ware God in my
hand.”[n] **10** Toe het Josua ge-
doen net soos Moses vir hom ge-
sê het,[o] ten einde teen die Ama-
lekiete te veg; en Moses, Aäron
en Hur[p] het opgeklim na die top
van die heuwel.

**11** En wanneer Moses sy
hand opgelig het, het die Israe-
liete die oorhand gekry;[q] maar
wanneer hy sy hand laat sak
het, het die Amalekiete die oor-
hand gekry. **12** Toe die hande
van Moses swaar word, het hul-
le ’n klip geneem en dit onder
hom neergesit, en hy het daar-
op gesit; en Aäron en Hur het

**HFST. 16**
a Eks 16:15, Nu 11:7
b Ps 105:5, Ps 111:4
c Ps 78:20
d Heb 9:4
e Eks 27:21, Eks 30:6, Eks 40:20, 1Kn 8:9
f De 8:2, Ne 9:21, Ps 78:24, Joh 6:49
g Jos 5:12, Ne 9:15
h Nu 33:48, De 1:8, De 34:1

**HFST. 17**
i Nu 33:12
j Nu 33:2
k Nu 33:14
l Eks 5:21, Nu 14:2, Nu 20:3
m Nu 14:22, Ps 78:18, Ps 95:9, Ps 106:14, Lu 4:12, 1Ko 10:9, Heb 3:9

**Tweede kol.**
a Eks 16:2
b 1Sa 30:6, Joh 10:31
c Ese 2:6
d Eks 7:20
e Nu 20:8, De 8:15, Ne 9:15, Ps 78:15, Ps 105:41, Ps 114:8, Jes 48:21, 1Ko 10:4
f De 9:22, De 33:8
g Ps 81:7
h De 6:16, Ps 95:8, Heb 3:8
i Eks 34:9, De 31:17, Han 7:39
j Ge 36:12
k De 25:17, 1Sa 15:2
l Nu 11:28, De 32:44, Han 7:45
m Nu 31:3
n Eks 4:2
o Jos 11:15
p Eks 24:14
q Ps 56:9

sy hande ondersteun, een aan
hierdie kant en die ander aan
daardie kant, sodat sy hande
onbeweeglik gebly het tot die
son ondergegaan het. **13** Jo-
sua het A′malek en sy volk der-
halwe met die skerpte van die
swaard verslaan.[a]

**14** Jehovah het toe vir Mo-
ses gesê: “Skryf dit as ’n gedag-
tenis in die boek[b] en maak dit
voor die ore van Josua bekend:
‘Ek sal die herinnering aan
A′malek heeltemal uitwis on-
der die hemel.’ ”[c] **15** En Moses
het ’n altaar gebou en dit Jeho-
vah-Nissi genoem **16** en gesê:
“Omdat ’n hand teen die troon[d]
van Jah[e] is, sal Jehovah van
geslag tot geslag teen A′malek
oorlog voer.”[f]

**18** En Jetro, die priester van
Mi′dian, Moses se skoon-
vader,[g] het alles te hore gekom
wat God vir Moses en vir sy
volk Israel gedoen het, hoe Je-
hovah Israel uit Egipte uitgelei
het.[h] **2** Toe het Jetro, Moses
se skoonvader, Sippo′ra, Moses
se vrou, geneem, nadat sy weg-
gestuur is, **3** en haar twee
seuns,[i] waarvan die naam van
die een Gersom[j] was, “want”,
het hy gesê, “ek het ’n inwonen-
de vreemdeling in ’n vreemde
land geword”; **4** en die naam
van die ander was Eliëser,[k]
“want”, soos hy dit gestel het,
“die God van my vader is my
helper deurdat hy my van Fa-
rao se swaard verlos het”.[l]

**5** En Jetro, Moses se skoon-
vader, en sy seuns en sy vrou
het na Moses toe gekom in die
wildernis waar hy by die berg
van die ware God[m] kamp opge-
slaan het. **6** Toe het hy Moses
laat weet: “Ek, jou skoonvader,
Jetro,[n] het na jou toe gekom, en
ook jou vrou en haar twee
seuns saam met haar.” **7** Da-
delik het Moses uitgegaan om
sy skoonvader te ontmoet, en
hy het homself neergewerp en
hom gesoen;[a] en hulle het me-
kaar begin vra hoe dit gaan.
Daarna het hulle in die tent in-
gegaan.

**8** En Moses het vir sy skoon-
vader alles vertel wat Jehovah
Farao en Egipte weens Israel
aangedoen het,[b] en al die teë-
spoed wat hulle op die pad oor-
gekom het,[c] en tog het Jehovah
hulle verlos.[d] **9** Toe was Jetro
bly oor al die goeie wat Jehovah
vir Israel gedoen het deurdat
hy hulle uit die hand van Egipte
verlos het.[e] **10** Gevolglik het
Jetro gesê: “Mag Jehovah ge-
loof word, wat julle uit die hand
van Egipte en uit die hand van
Farao verlos het, en wat die
volk onder die hand van Egipte
uit verlos het.[f] **11** Nou weet
ek dat Jehovah groter is as al
die ander gode,[g] weens hier-
die aangeleentheid waarin hul-
le vermetel teen hulle gehandel
het.” **12** Toe het Jetro, Moses
se skoonvader, ’n brandoffer en
offerandes vir God geneem;[h] en
Aäron en al die ouer manne van
Israel het saam met Moses se
skoonvader voor die ware God
brood kom eet.[i]

**13** En die volgende dag het
Moses soos gewoonlik gaan sit
om as regter vir die volk op te
tree,[j] en die volk het van die og-
gend tot die aand toe voor Mo-
ses bly staan. **14** En Moses se
skoonvader het gesien wat hy
alles vir die volk doen. Daarom
het hy gesê: “Wat is dit wat jy
vir die volk doen? Waarom sit
net jy altyd en bly die hele volk
van die oggend tot die aand
toe voor jou staan?” **15** Toe
het Moses vir sy skoonvader ge-
sê: “Omdat die volk na my toe
bly kom om God te raadpleeg.[k]

**HFST. 17**
a Jos 11:12
b Eks 34:27
c Nu 24:20, De 25:19, 1Kr 4:43
d Jes 66:1, Han 7:49
e Ps 94:12, Jes 12:2, Jes 26:4, Op 19:1
f 1Sa 15:20, Est 3:1, Est 7:10, Est 9:24

**HFST. 18**
g Eks 2:21, Eks 3:1
h Jos 2:10, Jos 9:9
i Han 7:29
j Eks 2:22
k 1Kr 23:15
l Eks 2:15, 2Ko 1:10
m Eks 19:2, 1Kn 19:8
n Eks 4:18, Nu 10:29

**Tweede kol.**
a Ge 33:3, 2Sa 14:33, Ro 12:10
b Eks 7:3, Eks 14:28, De 4:34, Ne 9:10
c Eks 15:22, Eks 16:3, Nu 20:14
d Ps 81:7, Ps 102:2, Da 3:29
e De 33:29, Ro 15:10
f Ge 14:20, Lu 1:68
g Eks 15:11, 2Kr 2:5, Ps 95:3, Ps 97:9, Da 2:47
h Mal 1:11
i Ge 31:54
j Mt 23:2
k Eks 20:19, Nu 12:8, Nu 27:5

**16** As daar ’n saak onder hulle ontstaan,[a] moet dit na my toe kom en moet ek tussen die een party en die ander regspreek, en ek moet die beslissings van die ware God en sy wette bekend maak.”[b]

**17** Hierop het Moses se skoonvader vir hom gesê: “Die manier waarop jy te werk gaan, is nie goed nie. **18** Jy sal gewis uitgeput raak, jy sowel as hierdie volk wat by jou is, want hierdie saak is ’n te groot las vir jou.[c] Jy kan dit nie alleen doen nie.[d] **19** Luister nou na my stem.[e] Ek sal jou raad gee, en God sal met jou wees.[f] Dien jy as verteenwoordiger van die volk voor die ware God,[g] en jy moet die sake voor die ware God bring.[h] **20** En jy moet hulle waarsku aangaande die voorskrifte en die wette,[i] en jy moet aan hulle die weg bekend maak waarop hulle moet wandel, en die werk wat hulle moet doen.[j] **21** Maar jy moet uit die hele volk bekwame manne[k] kies, wat God vrees,[l] betroubare manne,[m] wat onregverdige wins haat;[n] en jy moet dié oor hulle aanstel as hoofde oor duisend,[o] hoofde oor honderd, hoofde oor vyftig en hoofde oor tien.[p] **22** En hulle moet by elke gepaste geleentheid oor die volk regspreek; en al die groot sake moet hulle voor jou bring,[q] maar al die klein sake moet hulle self as regters hanteer. Maak dit so vir jou ligter, en hulle moet die las saam met jou dra.[r] **23** As jy dít doen, en God jou beveel het, dan sal jy dit beslis kan uithou en sal hierdie hele volk boonop in vrede na hulle plek gaan.”[s]

**24** Onmiddellik het Moses na die stem van sy skoonvader geluister en alles gedoen wat hy gesê het.[a] **25** En Moses het bekwame manne uit die hele Israel gekies en hulle posisies as hoofde oor die volk gegee,[b] as hoofde oor duisend, hoofde oor honderd, hoofde oor vyftig en hoofde oor tien. **26** En hulle het by elke gepaste geleentheid oor die volk reggespreek. ’n Moeilike saak het hulle voor Moses gebring,[c] maar al die klein sake het hulle self as regters hanteer. **27** Daarna het Moses sy skoonvader afgesien,[d] en hy het weggegaan na sy land.

**19** In die derde maand nadat die kinders van Israel uit Egipteland uitgetrek het,[e] op dieselfde dag, het hulle in die wildernis Si′nai gekom.[f] **2** En hulle het van Re′fidim[g] af weggetrek en in die wildernis Si′nai gekom en in die wildernis kamp opgeslaan;[h] en Israel het daar teenoor die berg[i] kamp opgeslaan.

**3** En Moses het opgeklim na die ware God toe, en Jehovah het uit die berg[j] na hom begin roep en gesê: “Só moet jy vir die huis van Jakob sê en aan die kinders van Israel meedeel: **4** ‘Julle het self gesien wat ek die Egiptenaars[k] aangedoen het, sodat ek julle op arendsvlerke kon dra en julle na my toe kon bring.[l] **5** As julle dan nou my stem nougeset gehoorsaam[m] en my verbond inderdaad hou,[n] dan sal julle beslis my spesiale eiendom uit al die ander volke word,[o] want die hele aarde behoort aan my.[p] **6** En julle sal vir my ’n koninkryk van priesters en ’n heilige nasie word.’[q] Dít is die woorde wat jy vir die kinders van Israel moet sê.”

**HFST. 18**
a Eks 24:14; De 17:8; 1Ko 6:1
b De 4:5; De 5:1; De 6:1
c Nu 11:11
d Nu 11:14; De 1:9; Han 6:2
e Eks 18:24; Spr 9:9
f Jos 1:17
g Eks 20:19; De 5:5
h Nu 27:5
i De 7:11; Ne 9:14; Mr 10:3
j 1Sa 12:23; Ps 32:8; Jes 30:21; Jer 42:3; Mi 4:2
k Nu 11:17; De 1:13; Han 6:3; 1Ti 3:2; Tit 1:9
l 2Kr 6:31; 2Kr 19:7; Job 2:3; Spr 8:13
m Ese 18:8; Da 6:5; 1Te 2:10; 1Ti 3:7; Tit 1:7
n Eks 23:8; Han 20:33; 1Ti 3:3; 1Pe 5:2
o Nu 10:4
p De 1:15; Han 14:23; Tit 1:5
q Le 24:11; Nu 15:33; De 1:17
r Nu 11:17
s Spr 11:14

**Tweede kol.**
a Spr 12:15
b Han 6:5
c Han 15:2
d Nu 10:29

**HFST. 19**
e Est 8:9
f Le 7:38
g Eks 17:1
h Nu 33:15
i Eks 3:12
j Ne 9:13; Han 7:38
k De 4:34
l De 32:11; Jes 63:9
m Ps 119:4; Spr 19:16; 1Jo 5:3
n 1Kn 8:21; Ps 25:10; Ga 4:24
o 1Kn 8:53; Ps 135:4
p De 10:14; 1Ko 10:26

q Le 11:44; De 7:6; Jes 61:6; 1Pe 2:9; Op 5:10.

**7** Toe het Moses gekom en
die ouer manne[a] van die volk
geroep en hulle al hierdie woor-
de voorgelê wat Jehovah hom
beveel het.[b] **8** Daarna het die
hele volk eenstemmig geant-
woord en gesê: “Alles wat Je-
hovah gespreek het, is ons be-
reid om te doen.”[c] Onmiddellik
het Moses die woorde van die
volk aan Jehovah oorgebring.[d]
**9** Hierop het Jehovah vir Mo-
ses gesê: “Kyk! Ek kom in ’n
donker wolk[e] na jou toe, so-
dat die volk kan hoor wanneer
ek met jou praat[f] en hulle ook
tot onbepaalde tyd geloof in jou
kan stel.”[g] Toe het Moses die
woorde van die volk aan Jeho-
vah meegedeel.

**10** En Jehovah het verder
vir Moses gesê: “Gaan na die
volk toe, en jy moet hulle van-
dag en môre heilig, en hul-
le moet hulle mantels was.[h]
**11** En hulle moet teen die der-
de dag gereed wees, want op die
derde dag sal Jehovah voor die
oë van die hele volk op die berg
Si′nai neerdaal.[i] **12** En jy
moet vir die volk grense rond-
om vasstel en sê: ‘Pas op dat jul-
le nie teen die berg opklim nie,
en moenie aan die voet daarvan
raak nie. Enigiemand wat aan
die berg raak, moet sekerlik
doodgemaak word.[j] **13** Aan
hom mag geen hand raak nie,
want hy moet sekerlik gestenig
of deurboor word. Hetsy dier
of mens, hy mag nie lewe nie.’[k]
Wanneer die ramshoring blaas,[l]
mag hulle tot by die berg kom.”

**14** Toe het Moses teen die
berg afgeklim na die volk toe,
en hy het die volk begin hei-
lig; en hulle het hulle mantels
gewas.[m] **15** Toe het hy vir die
volk gesê: “Maak julle geduren-
de die drie dae gereed.[n] Julle
moenie naby ’n vrou kom nie.”[o]

**16** En op die derde dag, toe
dit oggend word, het daar don-
derslae en weerligstrale ge-
kom,[a] en ’n swaar wolk[b] op die
berg en ’n baie harde geluid
van ’n horing,[c] sodat die hele
volk wat in die kamp was, be-
gin bewe het.[d] **17** Moses het
die volk toe uit die kamp ge-
lei om die ware God te ontmoet,
en hulle het aan die voet van
die berg gaan staan.[e] **18** En
die hele berg Si′nai het gerook,[f]
omdat Jehovah in vuur daar-
op neergedaal het;[g] en sy rook
het bly opstyg soos die rook van
’n droogoond,[h] en die hele berg
het geweldig gebewe.[i] **19** Toe
die geluid van die horing al hoe
harder en harder word, het Mo-
ses begin praat, en die ware
God het hom met ’n stem begin
antwoord.[j]

**20** So het Jehovah op die
berg Si′nai neergedaal, op die
top van die berg. Toe het Jeho-
vah Moses na die top van die
berg geroep, en Moses het opge-
klim.[k] **21** Jehovah het toe vir
Moses gesê: “Klim af, waarsku
die volk, dat hulle nie na Jeho-
vah toe probeer deurbreek om
te kyk en baie van hulle dan
moet val nie.[l] **22** En laat ook
die priesters wat gereeld tot Je-
hovah nader, hulleself heilig,[m]
sodat Jehovah nie teen hulle
losbreek nie.”[n] **23** Hierop het
Moses vir Jehovah gesê: “Die
volk kan nie teen die berg Si′-
nai opklim nie, want u het ons
reeds gewaarsku en gesê: ‘Stel
grense om die berg vas en hei-
lig dit.’ ”[o] **24** Jehovah het eg-
ter vir hom gesê: “Gaan, klim
af, en dan moet jy weer op-
klim, jy en Aäron saam met jou;
maar die priesters en die volk
mag nie deurbreek om op te
klim na Jehovah toe nie, sodat
hy nie teen hulle losbreek nie.”[p]

**HFST. 19**

a Eks 3:16
b Eks 24:3
c Eks 24:7, De 26:17, Jos 24:24
d Nu 12:8
e De 4:11, 1Kn 8:12, Ps 97:2, Heb 12:18
f De 4:12, De 4:36, Han 7:38
g Lu 10:16
h Nu 8:21
i Eks 34:5, De 33:2, Ps 18:9
j Le 10:2, 2Sa 6:7
k Heb 12:20
l Eks 20:18, Jos 6:4
m Eks 19:10, Jos 7:13, 1Sa 16:5
n Am 4:12
o 1Sa 21:4, 1Ko 7:5

**Tweede kol.**

a Ps 77:18
b De 4:11, 1Kn 8:12, Ps 97:2
c Heb 12:19
d Heb 12:21
e De 4:10, De 5:5
f De 4:11, De 5:22, Ps 68:8, Ps 104:32
g Eks 24:17, 2Kr 7:3
h Ge 19:28, Ps 144:5
i 1Kn 19:11, Ps 68:8
j Ne 9:13, Ps 81:7
k Eks 24:12
l 1Sa 6:19
m Eks 28:41
n Le 10:2, 1Kr 13:10, Han 5:5
o Eks 19:12
p Nu 16:35

**25** Toe het Moses afgeklim na
die volk toe en vir hulle gesê.[a]

**20** En God het al hier-
die woorde gespreek en
gesê:[b]
**2** “Ek is Jehovah jou God,[c]
wat jou uit Egipteland, uit die
slawehuis,[d] uitgelei het. **3** Jy
mag geen ander gode[e] teen my
aangesig hê nie.
**4** “Jy mag vir jou geen ge-
snede beeld of ’n afbeelding van
enigiets maak wat bo in die he-
mel is of wat onder op die aar-
de is of wat in die waters on-
der die aarde is nie.[f] **5** Jy mag
jou nie voor hulle neerbuig of
laat oorhaal om hulle te dien
nie,[g] want ek, Jehovah jou God,
is ’n God wat uitsluitlike toege-
wydheid eis,[h] wat straf vir die
oortreding van die vaders oor
die kinders bring, oor die der-
de geslag en oor die vierde ge-
slag, in die geval van dié wat
my haat,[i] **6** maar liefderyke
goedhartigheid bewys teenoor
die duisendste geslag in die ge-
val van dié wat my liefhet en
my gebooie onderhou.[j]
**7** “Jy mag die naam van Je-
hovah jou God nie op onwaardi-
ge wyse gebruik nie,[k] want Je-
hovah sal die een wat sy naam
op onwaardige wyse gebruik,
nie ongestraf laat bly nie.[l]
**8** “Ten einde die sabbatdag te
gedenk, om dit heilig te hou,[m]
**9** moet jy ses dae arbei en al jou
werk doen.[n] **10** Maar die se-
wende dag is ’n sabbat vir Jeho-
vah jou God.[o] Jy mag geen werk
doen nie, nie jy of jou seun of
jou dogter of jou slaaf of jou sla-
vin of jou mak dier of jou inwo-
nende vreemdeling wat in jou
poorte is nie.[p] **11** Want in ses
dae het Jehovah die hemel en
die aarde gemaak, die see en al-
les wat in hulle is,[q] en op die
sewende dag het hy begin rus.[a]
Daarom het Jehovah die sab-
batdag geseën en dit geheilig.[b]
**12** “Eer jou vader en jou
moeder[c] sodat jou dae verleng
mag word in die land wat Jeho-
vah jou God aan jou gee.[d]
**13** “Jy mag nie moord pleeg
nie.[e]
**14** “Jy mag nie egbreuk
pleeg nie.[f]
**15** “Jy mag nie steel nie.[g]
**16** “Jy mag as ’n getuie nie
valse getuienis teen jou mede-
mens aflê nie.[h]
**17** “Jy mag nie jou mede-
mens se huis begeer nie. Jy mag
nie jou medemens se vrou be-
geer nie,[i] en ook nie sy slaaf of
sy slavin of sy bul of sy esel of
enigiets wat aan jou medemens
behoort nie.”[j]
**18** En die hele volk het die
donderslae en die weerligstrale
en die geluid van die horing en
die rokende berg gesien. Toe die
volk dit sien, het hulle gesid-
der en op ’n afstand bly staan.[k]
**19** En hulle het vir Moses be-
gin sê: “Praat u met ons, en
laat ons luister; maar laat God
nie met ons praat nie, sodat ons
nie sterf nie.”[l] **20** Toe het Mo-
ses vir die volk gesê: “Moenie
bang wees nie, want die ware
God het gekom om julle op die
proef te stel[m] en dat die vrees
vir hom voor julle aangesig kan
bly sodat julle nie sondig nie.”[n]
**21** En die volk het op ’n af-
stand bly staan, maar Moses
het nader gegaan na die donker
wolkmassa waar die ware God
was.[o]
**22** En Jehovah het vir Mo-
ses gesê:[p] “Só moet jy vir die

HFST. 19
a Han 20:27

HFST. 20
b De 5:22; Han 7:38
c Ps 81:10; Ho 13:4; Ro 3:29
d Eks 13:3
e De 5:7; 2Kn 17:35; Jer 25:6
f Le 26:1; De 4:16; De 5:8; Jes 40:25; Han 17:29; 1Ko 8:4; Op 9:20
g Ge 35:2; Eks 23:24; 1Ko 10:20; 1Jo 5:21
h Eks 34:14; Nu 25:11; Mt 4:10; Lu 10:27
i De 5:9; 2Sa 21:6; 1Kn 21:29; Mt 23:35
j De 4:37; De 5:10; Pr 12:13; Ro 11:28
k Le 19:12; Spr 30:9; Ese 36:21
l Le 24:16; De 5:11; Jos 9:20
m Eks 16:23; Eks 31:13; De 5:12
n Eks 23:12; De 5:13; Lu 13:14
o Eks 34:21
p Eks 16:29; De 5:14; Ne 13:16; Joh 7:23
q Han 4:24; Han 14:15; Op 10:6; Op 14:7

Tweede kol.
a Ge 2:2; Heb 4:4
b De 5:12
c Eks 21:15; Spr 1:8; Jer 35:18
d Le 19:3; De 5:16; Mt 15:4; Ef 6:2
e Ge 9:6; De 5:17; Jak 2:11; 1Jo 3:15; Op 21:8
f Ge 39:9; De 5:18; Spr 6:32; Mt 5:27; Mt 5:28; Ro 13:9; 1Ko 6:18; Heb 13:4

**g** Le 19:11; De 5:19; Mr 10:19; 1Ko 6:10; Ef 4:28; **h** Le 19:16; De 5:20; De 19:16; Ps 15:3; **i** Mt 5:28; **j** Jos 7:21; Mi 2:2; Lu 12:15; Ro 7:7; **k** Eks 19:16; Heb 12:18; **l** De 18:16; Han 7:38; Ga 3:19; **m** Ge 22:1; De 8:2; **n** Jos 24:14; Job 28:28; Spr 1:7; Jes 8:13; **o** De 5:5; Ps 97:2; **p** Eks 33:1; Nu 12:8.

kinders van Israel sê: 'Julle het
self gesien dat ek uit die hemel
met julle gepraat het.[a] **23** Jul-
le mag naas my geen gode van
silwer maak nie, en julle mag
vir julle geen gode van goud
maak nie.[b] **24** 'n Altaar van
grond[c] moet jy vir my maak,
en jy moet daarop jou brandof-
fers en jou gemeenskapsoffers,
jou kleinvee en jou beeste of-
fer.[d] Op elke plek waar ek my
naam sal laat gedenk, sal ek na
jou toe kom en jou beslis seën.[e]
**25** En as jy vir my 'n klipaltaar
maak, mag jy dit nie van ge-
kapte klippe bou nie. As jy jou
beitel daaroor swaai, dan sal jy
dit ontheilig.[f] **26** En jy mag
nie met trappe na my altaar op-
klim nie, sodat jou geslagsdele
nie daarop ontbloot word nie.'

**21** "En dít is die regterlike
beslissings wat jy hulle
moet voorhou:[g]

**2** "As jy 'n Hebreeuse slaaf
koop,[h] moet hy ses jaar lank
'n slaaf wees, maar in die se-
wende moet hy as vrygelatene
verniet weggaan.[i] **3** As hy al-
leen kom, moet hy alleen weg-
gaan. As hy die eienaar van 'n
vrou is, dan moet sy vrou saam
met hom weggaan. **4** As sy
heer vir hom 'n vrou gee en sy
vir hom seuns of dogters baar,
moet die vrou en haar kinders
haar heer s'n word,[j] en hy moet
alleen weggaan.[k] **5** Maar as
die slaaf nadruklik sê: 'Ek het
my heer, my vrou en my seuns
werklik lief; ek wil nie as vry-
gelatene weggaan nie',[l] **6** dan
moet sy heer hom nader bring
voor die ware God en hom tot
by die deur of die deurpos bring;
en sy heer moet sy oor met 'n
els deurboor, en hy moet tot on-
bepaalde tyd sy slaaf wees.[m]

**7** "En as 'n man sy dogter as
'n slavin verkoop,[n] mag sy nie
weggaan soos die slawe weg-
gaan nie. **8** As sy in die oë
van haar heer nie welgevallig
is nie, sodat hy haar nie tot
byvrou[a] bestem nie, maar haar
laat loskoop, sal hy nie die reg
hê om haar aan 'n vreemde
volk te verkoop nie, aangesien
hy verraderlik met haar gehan-
del het. **9** En as hy haar vir
sy seun bestem, moet hy met
haar handel volgens die reg
wat dogters toekom.[b] **10** As
hy vir hom 'n ander vrou neem,
moet haar voedsel, haar klere[c]
en wat haar in die huwelik toe-
kom,[d] nie verminder word nie.
**11** As hy hierdie drie dinge nie
vir haar gee nie, dan moet sy
verniet weggaan, sonder geld.

**12** "Hy wat 'n mens slaan so-
dat hy sterf, moet vir seker
doodgemaak word.[e] **13** Maar
as iemand nie op die loer lê
nie en die ware God dit deur
sy hand laat gebeur,[f] dan sal
ek vir jou 'n plek bepaal waar-
heen hy kan vlug.[g] **14** En as
'n man so driftig teenoor sy
naaste raak dat hy hom met
slinksheid doodmaak,[h] moet jy
hom selfs van my altaar af
wegneem, om te sterf.[i] **15** En
hy wat sy vader en sy moeder
slaan, moet vir seker doodge-
maak word.[j]

**16** "En hy wat 'n mens ont-
voer[k] en hom verkoop[l] of in wie
se hand hy gevind is, moet vir
seker doodgemaak word.[m]

**17** "En hy wat 'n vloek oor sy
vader en sy moeder uitspreek,
moet vir seker doodgemaak
word.[n]

**18** "En as manne rusie kry
en die een sy naaste met 'n klip
of 'n skoffel slaan en hy nie
sterf nie, maar in sy bed moet
bly— **19** as hy opstaan en bui-
te rondloop met iets wat hy
as stut gebruik, dan moet die

**HFST. 20**
a De 4:36, Ne 9:13
b Eks 32:4, Da 5:4, Han 17:29
c 2Kn 5:17
d Le 6:9, Job 1:5
e De 12:5, 2Kr 6:6
f De 27:5, Jos 8:31

**HFST. 21**
g Eks 24:3, De 4:14, Op 15:4
h Le 25:39, 2Kn 4:1, Mt 18:25
i De 15:12, Jer 34:14
j Le 25:44, Le 25:46
k De 15:12
l De 15:16
m De 15:17
n Ne 5:5

**Tweede kol.**
a Ge 16:5, Ga 4:22
b Nu 30:16
c Ef 5:29, 1Ti 5:8
d De 25:5, 1Ko 7:3
e Ge 9:6, Nu 35:30, Mt 5:21
f Nu 35:22, De 19:4, Pr 9:11
g Nu 35:11, De 4:42, De 19:3, Jos 20:7
h Nu 15:30, De 19:11, 2Sa 3:27, 1Jo 3:15
i 1Kn 1:50, 1Kn 2:29, 2Kn 11:15
j Eks 20:12, 1Ti 1:9
k Ge 40:15, 1Ti 1:10
l Ge 37:28
m De 24:7
n Le 20:9, Spr 20:20, Spr 30:11, Spr 30:17, Mt 15:4

een wat hom geslaan het, vry
van straf wees; hy moet net vir
sy verlore werktyd vergoeding
doen totdat hy hom heeltemal
laat genees het.
**20** “En as ’n man sy slaaf of
sy slavin met ’n stok slaan[a] en
dié onder sy hand sterf, moet
hy vir seker gewreek word.[b]
**21** Maar as hy ’n dag of twee
dae bly lewe, moet hy nie ge-
wreek word nie, want hy is sy
geld.
**22** “En as manne met me-
kaar baklei en hulle ’n swanger
vrou werklik seermaak en haar
kinders[c] uitkom, maar geen
noodlottige ongeluk plaasvind
nie, moet daar vir seker skade-
vergoeding van hom geëis word
volgens wat die eienaar van
die vrou hom oplê; en hy
moet dit deur die regters gee.[d]
**23** Maar as ’n noodlottige onge-
luk plaasvind, dan moet jy gee
siel vir siel,[e] **24** oog vir oog,
tand vir tand, hand vir hand,
voet vir voet,[f] **25** brandplek
vir brandplek, wond vir wond,
hou vir hou.[g]
**26** “En as ’n man sy slaaf of
sy slavin op die oog slaan en
dit permanent beskadig, moet
hy hom as vrygelatene weg-
stuur as vergoeding vir sy oog.[h]
**27** En as hy die tand van sy
slaaf of die tand van sy slavin
uitslaan, moet hy hom as vryge-
latene wegstuur as vergoeding
vir sy tand.
**28** “En as ’n bul ’n man of
’n vrou stoot en hy of sy sterf,
moet die bul vir seker geste-
nig word,[i] maar sy vleis mag
nie geëet word nie; en die eie-
naar van die bul is vry van
straf. **29** Maar as ’n bul voor-
heen die gewoonte gehad het
om te stoot en sy eienaar ge-
waarsku is, maar hy dit nie on-
der bewaking gehou het nie, en
dit ’n man of ’n vrou doodge-
maak het, moet die bul gestenig
word, en ook sy eienaar moet
doodgemaak word. **30** As hy
’n losprys opgelê word, dan
moet hy die loskoopprys gee vir
sy siel volgens alles wat hom
opgelê word.[a] **31** Hetsy dit ’n
seun gestoot het of ’n dog-
ter gestoot het, daar moet vol-
gens hierdie regterlike beslis-
sing met hom gehandel word.[b]
**32** As die bul ’n slaaf of ’n sla-
vin gestoot het, sal hy die prys
van dertig sikkels[c] aan dié se
heer gee, en die bul sal gestenig
word.
**33** “En as ’n man ’n put oop-
maak, of as ’n man ’n put grawe
en dit nie bedek nie, en ’n bul
of ’n esel val daarin,[d] **34** moet
die eienaar van die put vergoe-
ding gee.[e] Die prys moet hy aan
die eienaar daarvan teruggee,
en die dooie dier sal syne word.
**35** En as ’n man se bul ’n an-
der se bul seermaak en dit dood-
gaan, dan moet hulle die lewen-
de bul verkoop en die geld wat
daarvoor betaal is, verdeel; en
ook die dooie dier moet hulle
verdeel.[f] **36** Of as dit bekend
was dat ’n bul voorheen die ge-
woonte gehad het om te stoot,
maar sy eienaar hom nie onder
bewaking gehou het nie,[g] moet
hy vir seker vergoeding gee,[h]
bul vir bul, en die dooie dier sal
syne word.

**22** “As ’n man ’n bul of ’n
skaap steel en hy dit slag
of verkoop, moet hy vyf beeste
vir die bul vergoed en vier stuks
kleinvee vir die skaap.[i]
**2** (“As ’n dief[j] betrap word
terwyl hy inbreek[k] en hy ge-
slaan word en sterf, is daar
geen bloedskuld weens hom
nie.[l] **3** As die son op hom ge-
skyn het, is daar bloedskuld
weens hom.)

**HFST. 21**
a Spr 10:13
b Ge 9:5; Le 24:17
c Ps 139:16; Jer 1:5
d Eks 18:26; De 16:18; De 17:8; De 22:18; 2Kr 19:10
e Ge 9:6; Le 24:17; Nu 35:31; Op 21:8
f Le 24:20; Rig 1:7; Mt 5:38
g 1Sa 15:33; Mt 7:2
h Ef 6:9; Kol 4:1
i Ge 9:5; Nu 35:33

**Tweede kol.**
a De 17:8
b De 1:17
c Sag 11:12; Mt 27:9
d Mt 12:11; 1Ko 10:24
e Eks 22:6; Eks 22:14; De 22:8
f Le 25:17; Mt 7:12
g Spr 22:3
h Le 24:21

**HFST. 22**
i 2Sa 12:6; Lu 19:8
j Eks 20:15; Ro 13:9; 1Ko 6:10; Ef 4:28; 1Pe 4:15
k Jer 2:26; Mt 6:20; Mt 24:43
l Nu 35:27

"Hy moet vir seker vergoeding gee. As hy niks het nie, dan moet hy verkoop word vir die goed wat hy gesteel het.[a] **4** As die gesteelde goed, of dit 'n bul of 'n esel of 'n skaap is, onteenseglik nog lewend in sy hand gevind word, moet hy dubbel vergoeding gee.

**5** "As 'n man 'n land of 'n wingerd laat afwei en hy sy pakdiere uitstuur en veroorsaak dat 'n ander land verslind word, moet hy die beste van sy land of die beste van sy wingerd as vergoeding gee.[b]

**6** "As 'n vuur versprei en die dorings vang, en gerwe of ongesnyde graan of 'n land word verteer,[c] moet die een wat die vuur aangesteek het, vir seker vergoed vir wat verbrand is.

**7** "As 'n man vir sy naaste geld of voorwerpe gee om te hou,[d] en dit word uit die man se huis gesteel, moet die dief, as hy gevind word, dubbel vergoeding gee.[e] **8** As die dief nie gevind word nie, dan moet die eienaar van die huis nader gebring word voor die ware God[f] om te sien of hy nie sy hand op die goed van sy naaste gelê het nie. **9** Wat enige saak van oortreding betref,[g] aangaande 'n bul, 'n esel, 'n skaap, 'n kleed, enigiets wat weg was waarvan hy sê: 'Hier is dit!' moet hulle al twee se saak voor die ware God kom.[h] Die een wat deur God skuldig verklaar sal word, moet aan sy naaste dubbel vergoeding gee.[i]

**10** "As 'n man vir sy naaste 'n esel of bul of skaap of enige mak dier gee om te hou, en dit sterf of word vermink of weggelei terwyl niemand kyk nie, **11** moet daar 'n eed[j] by Jehovah tussen hulle twee afgelê word dat hy nie sy hand op die goed van sy naaste gelê het nie;[a] en die eienaar moet dit aanvaar, en die ander hoef geen vergoeding te gee nie. **12** Maar as dit van hom gesteel is, moet hy aan die eienaar vergoeding gee.[b] **13** As dit deur 'n wilde dier verskeur is,[c] moet hy dit as bewys bring.[d] Vir iets wat deur 'n wilde dier verskeur is, hoef hy nie vergoeding te gee nie.

**14** "Maar as iemand iets van sy naaste vra,[e] en dit word vermink of sterf terwyl die eienaar nie daarby is nie, moet hy vir seker vergoeding gee.[f] **15** As die eienaar daarby is, hoef hy nie vergoeding te gee nie. As dit gehuur is, moet dit in die huurgeld daarvoor kom.

**16** "En as 'n man 'n maagd verlei wat nie verloof is nie en hy by haar gaan lê,[g] moet hy haar vir seker vir die koopprys as vrou neem.[h] **17** As haar vader volstrek weier om haar aan hom te gee, moet hy die geld betaal teen die vasgestelde koopprys vir maagde.[i]

**18** "Jy mag 'n towenares nie laat lewe nie.[j]

**19** "Elkeen wat by 'n dier gaan lê, moet gewis doodgemaak word.[k]

**20** "Wie aan enige ander gode behalwe aan Jehovah alleen offerandes bring, moet aan vernietiging oorgegee word.[l]

**21** "En jy mag 'n inwonende vreemdeling nie sleg behandel of verdruk nie,[m] want julle het inwonende vreemdelinge in Egipteland geword.[n]

**22** "Julle mag geen weduwee of vaderlose seun verdruk nie.[o] **23** As jy hom hoegenaamd verdruk, dan sal ek, as hy enigsins tot my roep, sy geroep sekerlik hoor;[p] **24** en my toorn sal inderdaad ontvlam,[q] en ek

**HFST. 22**
- a Mt 18:25
- b Heb 2:2
- c 2Sa 14:30
- d Mt 25:14
- e Eks 22:4
- f De 16:18, De 19:17, Ps 82:1
- g Eks 23:21
- h Eks 18:22, De 16:18, De 25:1, 1Sa 2:25, 2Kr 19:10
- i Eks 22:4
- j Heb 6:16

**Tweede kol.**
- a Le 6:3, Spr 30:9
- b Ge 31:39
- c Ese 4:14
- d Ge 37:33, Am 3:12
- e Ps 37:21, Spr 22:7
- f Eks 21:34, Le 24:18
- g Ge 34:2, De 22:28
- h Ge 34:12
- i De 22:29
- j Le 19:26, Le 20:6, De 18:10, 1Sa 28:3, Ga 5:20, Op 22:15
- k Le 18:23, Le 20:15, De 27:21
- l Nu 25:3, 1Kn 18:40, 2Kn 10:25, 1Ko 10:20
- m Le 19:33, Le 25:35, Sag 7:10
- n De 10:19, Han 7:6
- o De 27:19, Ps 94:6, Jes 1:17, Ese 22:7, Jak 1:27
- p Job 34:28, Ps 10:18, Lu 18:7, Jak 5:4
- q Ps 69:24, Heb 10:31

sal julle beslis met die swaard
dood, en julle vrouens sal wedu-
wees word en julle seuns vader-
lose seuns.[a]
25 “As jy aan my volk, aan
die geteisterde by jou, geld
leen,[b] mag jy nie vir hom soos
’n woekeraar word nie. Julle
mag hom geen rente oplê nie.[c]
26 “As jy ooit die kleed van
jou naaste as ’n pand neem,[d]
moet jy dit met sonsondergang
vir hom teruggee. 27 Want
dit is sy enigste bedekking.[e] Dit
is sy mantel vir sy vel. Waarin
sal hy gaan lê? En hy sal tot my
roep, en ek sal beslis hoor, om-
dat ek genadig is.[f]
28 “Jy mag nie ’n vloek oor
God uitspreek[g] of ’n owerste
onder jou volk vervloek nie.[h]
29 “Jou volle opbrengs en
die oorvloed van jou parskuip
mag jy nie aarselend gee nie.[i]
Die eersgeborene van jou seuns
moet jy aan my gee.[j] 30 Só
moet jy met jou bul en jou
skaap doen:[k] Sewe dae sal hy
by sy moeder bly.[l] Op die agtste
dag moet jy dit aan my gee.
31 “En julle moet vir my hei-
lige mense wees;[m] en vleis in die
veld wat deur ’n wilde dier ver-
skeur is, mag julle nie eet nie.[n]
Julle moet dit vir die honde
gooi.[o]

**23** “Jy mag geen leuenag-
tige berig versprei nie.[p]
Moenie met ’n goddelose saam-
werk deur ’n getuie te word
wat geweld beraam nie.[q] 2 Jy
mag die menigte nie volg met
bose oogmerke nie;[r] en jy mag
in ’n geskil nie so getuig dat
jy saam met die menigte af-
wyk om die reg te verdraai nie.[s]
3 Wat die geringe betref, jy
mag hom nie voortrek in sy ge-
skil nie.[t]
4 “As jy jou vyand se bul of
sy esel teëkom wat wegdwaal,
moet jy dit vir seker na hom toe
terugbring.[a] 5 As jy die esel
van iemand wat jou haat, onder
sy vrag sien lê, dan moet jy hom
nie net so los nie. Saam met
hom moet jy die dier vir seker
losmaak.[b]
6 “Jy mag nie die regterlike
beslissing van die arme onder
jou in sy geskil verdraai nie.[c]
7 “Jy moet ver van ’n val-
se woord af bly.[d] En moenie
die onskuldige en die regverdi-
ge doodmaak nie, want ek sal
die goddelose nie regverdig ver-
klaar nie.[e]
8 “Jy mag nie ’n omkoopge-
skenk aanvaar nie, want
die omkoopgeskenk verblind
skerpsiendes en kan die woorde
van regverdiges verdraai.[f]
9 “En jy mag ’n inwonende
vreemdeling nie verdruk nie,[g]
aangesien julle self die siel van
die inwonende vreemdeling ge-
ken het, want julle het inwo-
nende vreemdelinge in Egipte-
land geword.[h]
10 “En ses jaar lank moet
jy jou land met saad besaai en
die opbrengs daarvan insamel.[i]
11 Maar die sewende jaar moet
jy dit onbewerk laat, en jy moet
dit braak laat lê,[j] en die armes
van jou volk moet daarvan eet;
en wat hulle laat oorbly, moet
die wilde diere van die veld
eet.[k] Só moet jy met jou win-
gerd en jou olyfboord doen.
12 “Ses dae moet jy jou werk
doen;[l] maar op die sewende dag
moet jy jou daarvan onthou, so-
dat jou bul en jou esel kan rus
en die seun van jou slavin en die
inwonende vreemdeling hulle-
self kan verkwik.[m]
13 “En julle moet op alles let
wat ek vir julle gesê het;[n] en jul-

**HFST. 22**
a De 32:35; Ps 109:9
b Le 25:35
c Le 25:36; De 23:19; Ne 5:7; Lu 6:35
d De 24:6; Job 24:9; Am 2:8
e De 10:18; De 24:13; Job 24:10
f Ps 34:6; Ef 2:7
g Le 24:14; Joh 10:36; Jud 15
h Pr 10:20; Han 23:5; 2Pe 2:10; Jud 8
i Spr 3:9; 2Ko 9:7
j Eks 13:2
k De 15:19
l Le 22:27
m Le 19:2; Nu 15:40; 1Pe 1:15
n Le 22:8; Ese 4:14; Han 10:14
o 1Kn 14:11; Jer 15:3

**HFST. 23**
p Le 19:16; Spr 6:19; Spr 10:18; Joh 8:44
q De 19:18; Spr 19:5; Mt 26:59; Han 6:11; Op 12:10
r Spr 1:10; Spr 1:11; 1Ko 15:33; 1Pe 4:4
s Job 31:34; Lu 23:23; Han 25:9; Ro 1:32
t Le 19:15; Jak 3:17

**Tweede kol.**
a Spr 25:21; 1Te 5:15
b De 22:4; Lu 6:27; Ro 12:21
c De 16:19; 2Kr 19:7; Am 5:12
d Le 19:11; Lu 3:14; Ef 4:25
e Spr 17:15; Na 1:3; Ro 1:18; Ro 2:6
f 1Sa 8:3; 1Sa 12:3; Spr 17:23; Pr 7:7
g Ese 22:7
h Le 19:34; De 10:19
i Le 25:3

j Le 25:4; k Ps 147:9; l Eks 20:9; Lu 13:14; m De 5:14; n De 4:9; 1Ti 4:16; Heb 12:15.

le mag die naam van ander gode
nie vermeld nie. Dit mag uit jou
mond nie gehoor word nie.[a]
**14** “Drie keer in die jaar
moet jy vir my ’n fees vier.[b]
**15** Jy moet die fees van die
ongesuurde koeke hou.[c] Sewe
dae moet jy ongesuurde koeke[d]
eet, net soos ek jou beveel het,
op die vasgestelde tyd in die
maand Abib,[e] want daarin het
jy uit Egipte uitgetrek. En hul-
le mag nie met leë hande voor
my verskyn nie.[f] **16** Ook die
fees van die oes van die eerste
ryp vrugte[g] van jou arbeid, van
wat jy op die land saai;[h] en die
fees van die insameling teen die
uitgang van die jaar, wanneer
jy jou arbeid van die land af in-
samel.[i] **17** By drie geleenthe-
de in die jaar moet almal wat
manlik is onder jou, voor die
aangesig van die ware Heer, Je-
hovah, verskyn.[j]
**18** “Jy mag die bloed van my
offerande nie saam met iets ge-
suurds offer nie. En die vet van
my fees mag nie oornag tot die
oggend toe oorbly nie.[k]
**19** “Die beste van die eerste
ryp vrugte van jou grond moet
jy na die huis van Jehovah jou
God bring.[l]

“Jy mag ’n boklam nie in sy
moeder se melk kook nie.[m]
**20** “Kyk, ek stuur ’n engel[n]
voor jou uit om jou op die pad
te bewaar en om jou na die
plek te bring wat ek gereedge-
maak het.[o] **21** Let op jouself
weens hom en gehoorsaam sy
stem. Moet jou nie opstandig
gedra teen hom nie, want hy
sal julle oortreding nie vergewe
nie;[p] want my naam is in hom.
**22** Maar as jy sy stem nouge-
set gehoorsaam en werklik al-
les doen wat ek sal sê,[q] dan sal
ek beslis vyandig wees teenoor
jou vyande en dié verdruk wat
jou verdruk.[a] **23** Want my en-
gel sal voor jou uit gaan en jou
inderdaad bring na die Amorie-
te en die Hetiete en die Peris-
siete en die Kanaäniete, die He-
wiete en die Jebusiete, en ek
sal hulle beslis uitwis.[b] **24** Jy
mag jou nie voor hulle gode
neerbuig of laat oorhaal om hul-
le te dien nie, en jy mag niks
soos hulle werke maak nie,[c]
maar jy moet hulle vir seker
neerwerp en jy moet hulle heili-
ge pilare vir seker afbreek.[d]
**25** En julle moet Jehovah julle
God dien,[e] en hy sal beslis jou
brood en jou water seën;[f] en ek
sal inderdaad die kwale uit jou
midde verwyder.[g] **26** In jou
land sal daar geen vrou wees
wat ’n miskraam het of onvrug-
baar is nie.[h] Ek sal die getal van
jou dae vol maak.[i]
**27** “En ek sal die skrik vir
my voor jou uit stuur,[j] en ek sal
beslis al die volke onder wie jy
kom, in verwarring bring, en ek
sal jou inderdaad die agterkant
van die nek van al jou vyande
gee.[k] **28** En ek sal die gevoel
van verslaenheid voor jou uit
stuur,[l] en dit sal die Hewie-
te, die Kanaäniete en die Hetie-
te eenvoudig voor jou uit ver-
dryf.[m] **29** Ek sal hulle nie in
een jaar voor jou uit verdryf
nie, sodat die land nie ’n verla-
te woesteny word en die wilde
diere van die veld werklik teen
jou vermeerder nie.[n] **30** Bie-
tjie vir bietjie sal ek hulle voor
jou uit verdryf, totdat jy vrug-
baar word en die land werklik
in besit neem.[o]
**31** “En ek sal jou grens vas-
stel van die Rooi See af tot by
die see van die Filistyne en van
die wildernis af tot by die Ri-
vier;[p] want ek sal die inwoners
van die land in julle hand gee,
en jy sal hulle beslis voor jou

**HFST. 23**

a De 12:3; Jos 23:7; Ho 2:17
b De 16:16
c Le 23:6; Lu 22:7
d 1Ko 5:8
e Eks 12:18
f De 16:17
g Jak 1:18; Op 14:4
h Le 23:10; Nu 28:26; De 16:9; Han 2:1
i De 16:13; Ne 8:14; Joh 7:2; Joh 7:37
j De 12:5
k Eks 12:10; Le 7:15
l Eks 34:26; Nu 18:12; Ne 10:35; 1Ko 15:20
m De 14:21; Spr 12:10
n Eks 14:19
o Nu 20:16
p Nu 14:35; Jos 24:19; Heb 12:25
q Eks 19:5; De 30:8

**Tweede kol.**

a Ge 12:3; De 30:7
b Eks 34:11; Jos 5:13; Jos 24:8
c Eks 20:5; Le 18:3; De 12:30; 2Kr 33:2
d Eks 20:3; Nu 33:52; 2Kr 34:3
e De 6:13; De 10:12; Jos 22:5; Mt 4:10
f De 7:13; Mal 3:10
g De 7:15; Ps 103:3
h De 7:14; De 28:4
i Eks 20:12; Ps 92:14
j De 2:25; Jos 2:9
k De 7:23
l De 7:20; Jos 2:11
m Jos 24:11
n De 7:22
o De 9:4; Ps 80:8
p Ge 15:18; De 1:7; Jos 1:4; 1Kn 4:21

uit verdryf.[a] 32 Jy mag geen
verbond met hulle of hulle gode
sluit nie.[b] 33 Hulle mag nie in
jou land woon nie, sodat hulle
jou nie teen my laat sondig nie.
As jy hulle gode dien, sal dit vir
jou 'n strik word."[c]

**24** En vir Moses het hy gesê:
"Klim op na Jehovah toe,
jy en Aäron, Nadab en Abi'hu[d]
en sewentig[e] van die ouer man-
ne van Israel, en julle moet julle
van ver af neerbuig. 2 En Mo-
ses alleen moet nader kom na
Jehovah toe; maar hulle moenie
nader kom nie, en die volk moe-
nie saam met hom opklim nie."[f]
3 Toe het Moses gekom en
vir die volk al die woorde van
Jehovah en al die regterlike be-
slissings vertel,[g] en die hele
volk het met een stem geant-
woord en gesê: "Al die woor-
de wat Jehovah gespreek het, is
ons bereid om te doen."[h] 4 En
Moses het al die woorde van Je-
hovah opgeskryf.[i] Toe het hy
die oggend vroeg opgestaan en
aan die voet van die berg 'n
altaar en twaalf pilare gebou
ooreenkomstig die twaalf stam-
me van Israel.[j] 5 Daarna het
hy jong manne van die kin-
ders van Israel gestuur, en hulle
het brandoffers gebring en bul-
le as offerandes geoffer, as ge-
meenskapsoffers[k] vir Jehovah.
6 Toe het Moses die helfte van
die bloed geneem en dit in bak-
ke gegooi,[l] en die helfte van die
bloed het hy op die altaar ge-
sprinkel.[m] 7 Uiteindelik het
hy die boek van die verbond[n]
geneem en dit voor die ore van
die volk gelees.[o] Toe het hul-
le gesê: "Alles wat Jehovah ge-
spreek het, is ons bereid om
te doen, en ons sal gehoorsaam
wees."[p] 8 Toe het Moses die
bloed geneem en dit op die volk
gesprinkel[a] en gesê: "Hier is die
bloed van die verbond[b] wat Je-
hovah met julle gesluit het met
betrekking tot al hierdie woor-
de."
9 En Moses en Aäron, Na-
dab en Abi'hu en sewentig van
die ouer manne van Israel het
opgeklim, 10 en hulle het die
God van Israel gesien.[c] En on-
der sy voete was iets soos 'n pla-
veisel van saffiervloerstene en
soos die hemel self wat rein-
heid betref.[d] 11 En hy het nie
sy hand teen die vooraanstaan-
des van die kinders van Israel[e]
uitgesteek nie, maar hulle het
'n visioen van die ware God ge-
sien[f] en het geëet en gedrink.[g]
12 Jehovah het toe vir Mo-
ses gesê: "Klim teen die berg
op na my toe en bly daar, aan-
gesien ek vir jou die kliptafels
wil gee en die wet en die ge-
bod wat ek sal skryf om hulle
te leer."[h] 13 Toe het Moses en
sy dienaar Josua opgestaan, en
Moses het teen die berg van die
ware God opgeklim.[i] 14 Maar
vir die ouer manne het hy ge-
sê: "Wag op hierdie plek vir ons
totdat ons na julle toe terug-
keer.[j] En kyk! Aäron en Hur[k] is
by julle. Elkeen wat 'n regsaak
het, moet na hulle toe gaan."[l]
15 So het Moses teen die berg
opgeklim terwyl die wolk die
berg bedek het.[m]
16 En Jehovah se heerlik-
heid[n] het op die berg Si'nai ge-
bly,[o] en die wolk het dit ses dae
lank bedek. Eindelik het hy op
die sewende dag uit die wolk na
Moses geroep.[p] 17 En vir die
oë van die kinders van Israel
was die aanskouing van Jeho-
vah se heerlikheid soos 'n ver-
terende vuur[q] op die bergtop.
18 Toe het Moses in die wolk in-
gegaan en teen die berg opge-
klim.[r] En Moses het veertig dae

**HFST. 23**
a Rig 1:4; Rig 11:21
b Eks 34:12; Nu 25:2; De 7:2; 2Ko 6:14
c Jos 23:13; Rig 1:28; Rig 2:3; Ps 106:36

**HFST. 24**
d Le 10:1; 1Kr 6:3
e Nu 11:16
f Eks 20:21; Nu 12:8
g Eks 21:1; De 4:1; Heb 8:6
h De 5:27; Jos 24:22
i Eks 34:27; De 31:9
j Jos 4:8
k Le 3:1; Le 7:11
l Heb 9:18
m Le 17:11
n Eks 34:27
o De 31:11; Han 13:15
p Eks 19:8

**Tweede kol.**
a Heb 9:19; Heb 12:24
b Ga 3:19; Ga 3:24; Kol 2:17; Heb 9:20; Heb 10:1
c Eks 24:11; Jes 6:1; Joh 1:18
d Ese 1:26; Op 4:3
e Eks 24:1
f Nu 12:6
g Ge 31:54; Eks 18:12; 1Ko 10:18
h De 5:22; Mt 5:19
i Eks 24:2; Nu 11:28
j Eks 32:1
k Eks 17:10
l Eks 18:26
m Eks 19:9
n Eks 16:10; Le 9:23; Nu 16:42; Ese 1:28
o Eks 19:11
p Mt 17:5
q Eks 3:2; De 4:24; Ese 1:27; Heb 12:29
r Eks 19:20

en veertig nagte op die berg ge-
bly.[a]

**25** En Jehovah het met Mo-
ses gepraat[b] en gesê:
**2** “Praat met die kinders van
Israel, sodat hulle vir my ’n by-
drae insamel: Van elkeen wie
se hart hom aandryf, moet julle
my bydrae insamel.[c] **3** En dít
is die bydrae wat julle van hulle
moet insamel: goud[d] en silwer[e]
en koper[f] **4** en blou weefga-
ring en purperrooigekleurde
wol en karmosynrooi stof en
fyn linne en bokhaar[g] **5** en
rooigekleurde ramsvelle en rob-
bevelle en akasiahout;[h] **6** olie
vir die lig,[i] balsemolie[j] vir die
salfolie[k] en vir welriekende
reukwerk;[l] **7** en oniksstene
en setstene vir die efod[m] en
vir die borsstuk.[n] **8** En hul-
le moet vir my ’n heiligdom
maak, want ek sal in hulle mid-
de woon.[o] **9** Volgens alles wat
ek jou wys as die voorbeeld van
die tabernakel en die voorbeeld
van al sy toebehore, so moet jul-
le dit maak.[p]

**10** “En hulle moet ’n Ark
van akasiahout maak,[q] twee
en ’n half el lank en anderhalf
el breed en anderhalf el hoog.
**11** En jy moet dit met suiwer
goud oortrek.[r] Binne en buite
moet jy dit oortrek, en jy moet
daaraan ’n goue rand rondom
maak.[s] **12** En jy moet vier
goue ringe daarvoor giet en
dit bo sy vier pote vassit, met
twee ringe aan sy een kant en
twee ringe aan sy ander kant.[t]
**13** En jy moet draaghoute van
akasiahout maak en hulle met
goud oortrek.[u] **14** En jy moet
die draaghoute deur die ringe
aan weerskante van die Ark
steek om die Ark mee te dra.
**15** Die draaghoute moet in die
ringe van die Ark bly. Hulle
mag nie daaruit verwyder word
nie.[a] **16** En in die Ark moet jy
die getuienis sit wat ek jou sal
gee.[b]

**17** “En jy moet ’n deksel van
suiwer goud maak, twee en ’n
half el lank en anderhalf el
breed.[c] **18** En jy moet twee
gerubs van goud maak. Van
dryfwerk moet jy hulle maak,
aan beide ente van die deksel.[d]
**19** En maak een gerub aan die
een ent en een gerub aan die
ander ent.[e] Op die deksel moet
julle die gerubs maak, aan die
twee ente daarvan. **20** En die
gerubs moet hulle twee vler-
ke na bo uitsprei en die dek-
sel met hulle vlerke beskut,
met hulle gesigte na mekaar
toe.[f] Die gesigte van die gerubs
moet na die deksel gekeer wees.
**21** En jy moet die deksel[g] bo-op
die Ark sit, en in die Ark moet
jy die getuienis sit wat ek jou
sal gee. **22** En ek sal my daar
voor jou stel en van bokant die
deksel af,[h] tussen die twee ge-
rubs uit wat op die ark van die
getuienis is, met jou praat, ja,
oor alles wat ek jou vir die kin-
ders van Israel sal beveel.[i]

**23** “En jy moet ’n tafel[j] van
akasiahout maak, twee el lank
en ’n el breed en anderhalf el
hoog. **24** En jy moet dit met
suiwer goud oortrek, en jy moet
daarvoor ’n goue rand rondom
maak.[k] **25** En jy moet daar-
voor ’n lys van ’n handbreed-
te rondom maak, en die goue
rand vir die lys daarvan moet jy
rondom maak.[l] **26** En jy moet
vier goue ringe daarvoor maak
en die ringe vassit aan die vier
hoeke wat vir die vier pote is.[m]
**27** Die ringe moet naby die lys
wees as houers vir die draag-
houte om die tafel te dra.[n]
**28** En jy moet die draaghoute
van akasiahout maak en hulle

**HFST. 24**
a Eks 34:28; De 9:9; 1Kn 19:8; Mt 4:2

**HFST. 25**
b Han 7:53; Ga 3:19
c Eks 35:5; 1Kr 29:9; 2Ko 9:7
d Eks 38:24
e Eks 38:25
f Eks 38:3; Eks 38:29
g Eks 35:6
h Eks 36:20
i Eks 27:20
j Eks 35:8
k Eks 30:23
l Eks 30:34
m Eks 28:6
n Eks 28:15
o Eks 29:45; 1Kn 6:13; Heb 9:11
p 1Kr 28:12; Han 7:44; Heb 8:5; Heb 9:9
q Eks 37:1
r Eks 37:2; Heb 9:4
s Eks 30:3
t Eks 37:5
u Eks 30:5; 1Kr 15:15

**Tweede kol.**
a 1Kn 8:8
b Eks 16:34; Eks 31:18; Eks 40:20; Nu 17:10; De 31:26; 1Kn 8:9; Heb 9:4
c Eks 37:6
d 1Sa 4:4; Heb 9:5
e Ge 3:24
f 1Kn 8:7; 1Kr 28:18
g Eks 40:20; 1Kr 28:11; Heb 9:5
h Eks 30:6; Le 16:2; Nu 7:89; Rig 20:27; Ps 80:1
i 2Sa 6:2; 2Kn 19:15; Jes 37:16
j Eks 40:22; Le 24:6; Nu 3:31; Heb 9:2
k Eks 37:11
l Eks 37:12
m Eks 37:13
n Eks 37:14

met goud oortrek, en die tafel
moet daarmee gedra word.[a]
29 “En jy moet sy skottels
en sy bekers en sy kanne en sy
bakke maak waarmee drankof-
fers uitgegiet sal word. Jy moet
hulle van suiwer goud maak.[b]
30 En jy moet voortdurend die
toonbrode op die tafel voor my
sit.[c]
31 “En jy moet ’n lampstaan-
der van suiwer goud maak. Van
dryfwerk moet die lampstaan-
der gemaak word.[d] Sy voet-
stuk, sy arms, sy kelke, sy
knoppe en sy bloeisels moet
daaruit voortkom. 32 En ses
arms kom uit sy kante, drie
arms van die lampstaander uit
sy een kant en drie arms van
die lampstaander uit sy an-
der kant.[e] 33 Drie kelke in
die vorm van amandelblomme
is aan die een stel arms, met
knoppe en bloeisels wat mekaar
afwissel, en drie kelke in die
vorm van amandelblomme aan
die ander stel arms, met knop-
pe en bloeisels wat mekaar af-
wissel.[f] So is dit met die ses
arms wat uit die lampstaander
uitkom. 34 En aan die lamp-
staander is vier kelke in die
vorm van amandelblomme, met
sy knoppe en sy bloeisels wat
mekaar afwissel.[g] 35 En die
knop onder twee arms kom
daaruit en die knop onder die
twee ander arms kom daaruit
en die knop onder nog twee
arms kom daaruit, vir die ses
arms wat uit die lampstaan-
der uitkom.[h] 36 Hulle knop-
pe en hulle arms moet daar-
uit voortkom. Alles is een
stuk dryfwerk, van suiwer
goud.[i] 37 En jy moet sewe
lampe daarvoor maak; en die
lampe moet opgesteek word, en
hulle moet op die ruimte aan
die voorkant daarvan skyn.[j]
38 En sy snuiters en sy vuur-
bakkies is van suiwer goud.[a]
39 Van ’n talent suiwer goud
moet hy dit maak tesame met
al hierdie voorwerpe. 40 En
sorg dat jy hulle maak volgens
hulle voorbeeld wat op die berg
vir jou gewys is.[b]

26 “En die tabernakel moet
jy van tien tentdoeke
maak,[c] van fyn gedraaide lin-
nedraad en blou weefgaring
en purperrooigekleurde wol en
karmosynrooi stof.[d] Met ge-
rubs,[e] die werk van ’n borduur-
der, moet jy dit maak. 2 Die
lengte van elke tentdoek is agt-
en-twintig el en die breedte van
elke tentdoek is vier el. Daar
is een maat vir al die tentdoe-
ke.[f] 3 Vyf tentdoeke moet ’n
reeks vorm, die een aan die an-
der gevoeg, en nog vyf tent-
doeke ’n reeks, die een aan die
ander gevoeg.[g] 4 En jy moet
lissies van blou weefgaring aan
die rand van die een tentdoek
aan die einde van die reeks
maak; en jy moet dieselfde doen
aan die rand van die buiten-
ste tentdoek by die ander plek
waar hulle saamgevoeg word.[h]
5 Jy moet vyftig lissies aan die
een tentdoek maak, en vyftig
lissies moet jy aan die rand van
die tentdoek maak by die ander
plek waar hulle saamgevoeg
word, sodat die lissies teenoor
mekaar is.[i] 6 En jy moet vyf-
tig goue hakies maak en die
tentdoeke deur middel van die
hakies aanmekaarvoeg, en dit
moet een tabernakel word.[j]
7 “En jy moet doeke van
bokhaar[k] vir die tent oor die
tabernakel maak. Jy moet elf
tentdoeke maak. 8 Die lengte
van elke tentdoek is dertig el,[l]
en die breedte van elke tent-
doek is vier el. Daar is een maat
vir die elf tentdoeke. 9 En jy

HFST. 25
a Eks 37:15
b Eks 37:16, Nu 4:7, 1Kn 7:50
c Le 24:5, 1Sa 21:6, 1Kr 9:32, 2Kr 13:11, Mt 12:4
d Eks 37:17, Eks 40:24, 1Kn 7:49, Heb 9:2
e Eks 37:18
f Eks 37:19
g Eks 37:20
h Eks 37:21
i Nu 8:4
j Eks 30:8, Le 24:3, Nu 8:2, 2Kr 13:11

Tweede kol.
a Eks 37:23, Nu 4:9
b Eks 39:42, Nu 8:4, Han 7:44, Heb 8:5

HFST. 26
c Heb 8:5, Heb 9:11
d Eks 36:8
e Ge 3:24, Ps 99:1
f Nu 4:25, 1Kr 17:1
g Eks 36:10
h Eks 36:11
i Eks 36:12
j Eks 36:13, Eks 39:33, Heb 9:9
k Eks 35:26
l De 3:11

moet vyf tentdoeke afsonder-
lik saamvoeg en ses tentdoe-
ke afsonderlik,[a] en jy moet
die sesde tentdoek dubbel vou
aan die voorkant van die tent.
**10** En jy moet vyftig lissies
aan die rand van die een tent-
doek maak, die buitenste in die
reeks, en vyftig lissies aan die
rand van die tentdoek by die
ander plek waar hulle saam-
gevoeg word. **11** En jy moet
vyftig koperhakies maak[b] en
die hakies in die lissies steek en
die tent saamvoeg, en dit moet
een word.[c] **12** En wat oorbly
van die tentdoeke, is 'n oor-
hangstuk. Die helfte van die
tentdoek wat oorbly, moet aan
die agterkant van die taberna-
kel oorhang. **13** En die el aan
die een kant en die el aan die
ander kant wat in die lengte
van die tentdoeke oorbly, sal as
'n oorhangstuk aan die sykante
van die tabernakel dien, om dit
aan weerskante te bedek.

**14** "En jy moet 'n bedekking
van rooigekleurde ramsvelle
vir die tent maak en 'n bedek-
king van robbevelle daar bo-oor.

**15** "En jy moet die regop-
staande paneelrame[d] vir die ta-
bernakel van akasiahout maak.
**16** Tien el is die lengte van
'n paneelraam, en anderhalf el
is die breedte van elke paneel-
raam. **17** Elke paneelraam
het twee tappe wat met me-
kaar verbind is. So moet jy met
al die paneelrame van die ta-
bernakel doen. **18** En jy moet
die paneelrame vir die taberna-
kel maak, twintig paneelrame
vir die kant na die Negeb, na die
suide toe.

**19** "En jy moet veertig sil-
wervoetstukke[e] onder die twin-
tig paneelrame maak; twee
voetstukke onder die een pa-
neelraam met sy twee tappe,
en twee voetstukke onder die
ander paneelraam met sy twee
tappe. **20** En vir die ander
kant van die tabernakel, die
noordekant, twintig paneelra-
me,[a] **21** en hulle veertig sil-
wervoetstukke, twee voetstuk-
ke onder die een paneelraam en
twee voetstukke onder die an-
der paneelraam.[b] **22** En vir
die agterste gedeeltes van die
tabernakel, na die weste toe,
moet jy ses paneelrame maak.[c]
**23** En jy moet twee paneelra-
me maak as hoekstutte van
die tabernakel[d] aan sy twee ag-
terste gedeeltes. **24** En hulle
moet presies dieselfde wees aan
die onderkant, en tesame moet
hulle presies dieselfde wees tot
aan die bokant van elkeen by
die eerste ring. So moet dit vir
al twee wees. Hulle moet as
twee hoekstutte dien. **25** En
daar moet agt paneelrame en
hulle silwervoetstukke wees,
sestien voetstukke, twee voet-
stukke onder die een paneel-
raam en twee voetstukke onder
die ander paneelraam.

**26** "En jy moet stawe van
akasiahout[e] maak, vyf vir die
paneelrame van die een kant
van die tabernakel, **27** en vyf
stawe vir die paneelrame van
die ander kant van die taber-
nakel en vyf stawe vir die pa-
neelrame van die kant van die
tabernakel vir die twee agter-
ste gedeeltes, na die weste toe.[f]
**28** En die middelste staaf, in
die middel van die paneelrame,
loop dwarsdeur van die een ent
tot die ander.

**29** "En jy moet die paneelra-
me met goud oortrek,[g] en hul-
le ringe moet jy van goud maak
as houers vir die stawe; en jy
moet die stawe met goud oor-
trek. **30** En jy moet die ta-
bernakel oprig volgens die plan

**HFST. 26**
a Eks 36:16
b De 8:9
Job 28:2
c Eks 36:13
d Nu 4:31
e Nu 3:36

**Tweede kol.**
a Eks 36:25
b Eks 36:26
c Eks 36:20
Eks 36:27
d Eks 36:28
e Eks 36:31
f Eks 36:32
g Eks 12:35
Eks 36:34

daarvan wat op die berg vir jou
gewys is.[a]
**31** “En jy moet ’n voorhang-
sel[b] maak van blou weefgaring
en purperrooigekleurde wol en
karmosynrooi stof en fyn ge-
draaide linnedraad. Hy moet
dit met gerubs[c] maak, die werk
van ’n borduurder. **32** En jy
moet dit ophang aan vier pilare
van akasiahout wat met goud
oorgetrek is. Hulle penne is van
goud. Hulle is op vier silwer-
voetstukke. **33** En jy moet
die voorhangsel onder die ha-
kies ophang en die ark van
die getuienis[d] daarheen bring,
binnekant die voorhangsel; en
die voorhangsel moet vir jul-
le ’n skeiding maak tussen die
Heilige[e] en die Allerheiligste.[f]
**34** En jy moet die deksel op die
ark van die getuienis in die Al-
lerheiligste sit.
**35** “En jy moet die tafel bui-
tekant die voorhangsel sit, en
die lampstaander[g] teenoor die
tafel aan die kant van die ta-
bernakel na die suide toe; en
die tafel moet jy aan die noorde-
kant sit. **36** En jy moet vir die
ingang van die tent ’n skerm[h]
maak van blou weefgaring en
purperrooigekleurde wol en
karmosynrooi stof en fyn ge-
draaide linnedraad, die werk
van ’n wewer. **37** En jy moet
vir die skerm vyf pilare van
akasiahout maak en hulle met
goud oortrek. Hulle penne is
van goud. En jy moet vir hulle
vyf kopervoetstukke giet.

**27** “En jy moet die altaar
van akasiahout maak,
vyf el lank en vyf el breed. Die
altaar[i] moet vierkantig wees,
en drie el hoog. **2** En jy moet
sy horings[j] op sy vier hoeke
maak. Sy horings moet daaruit
voortkom, en jy moet dit met
koper oortrek.[k] **3** En jy moet
sy kanne maak om sy vetteri-
ge as te verwyder, en sy skop-
pe en sy bakke en sy vurke
en sy vuurbakke; en jy moet al
sy voorwerpe van koper maak.[a]
**4** En jy moet ’n rooster daar-
voor maak, ’n netwerk[b] van
koper; en jy moet aan die net
vier koperringe maak, aan die
vier hoeke. **5** En jy moet dit
onder die lys van die altaar
plaas, daaronder, binne-in, en
die net moet naby die mid-
del van die altaar wees.[c] **6** En
jy moet draaghoute vir die
altaar maak, draaghoute van
akasiahout, en jy moet hulle
met koper oortrek.[d] **7** En sy
draaghoute moet in die ringe
gesteek word, en die draag-
houte moet aan die twee kan-
te van die altaar wees wanneer
dit gedra word.[e] **8** ’n Hol kis
van planke moet jy dit maak.
Net soos hy op die berg vir jou
gewys het, so moet hulle dit
maak.[f]
**9** “En jy moet die voorhof[g]
van die tabernakel maak. Vir
die kant na die Negeb, na die
suide toe, het die voorhof be-
hangsels van fyn gedraaide lin-
nedraad;[h] die lengte vir die een
kant is honderd el. **10** En sy
twintig pilare en hulle twintig
voetstukke is van koper. Die
penne van die pilare en hulle
verbindingstukke is van silwer.[i]
**11** So is dit ook vir die noor-
dekant in die lengte: die be-
hangsels is vir ’n lengte van
honderd el, en sy twintig pi-
lare en hulle twintig voetstuk-
ke is van koper; die penne van
die pilare en hulle verbinding-
stukke is van silwer.[j] **12** Wat
die breedte van die voorhof be-
tref, aan die westekant is die be-
hangsels vyftig el, en hulle pila-
re is tien en hulle voetstukke is
tien.[k] **13** En die breedte van

**HFST. 26**
a Eks 19:3; Eks 25:9; Eks 27:8; Han 7:44; Heb 8:5
b Eks 36:35; Eks 40:21; Le 16:2; Lu 23:45; Heb 6:19; Heb 9:3; Heb 10:20
c Ge 3:24
d 1Kn 8:6; Heb 9:4
e Eks 40:22; Eks 40:26; Heb 9:2
f Eks 40:21; Le 16:2; 1Kn 8:6; Heb 9:3; Heb 9:12; Heb 9:24
g Le 24:3; 1Kn 7:49
h Eks 36:37

**HFST. 27**
i Eks 38:1; Eks 40:29; 2Kr 4:1; Heb 13:10
j Le 4:25; 1Kn 2:28; Ps 118:27
k Eks 38:2; Nu 16:38; 1Kn 8:64

**Tweede kol.**
a Eks 38:3; Le 16:12; 1Kn 7:45
b Eks 35:16
c Eks 38:4
d Eks 38:6; Nu 4:14
e Eks 38:7; Nu 4:15
f Eks 25:40; 1Kr 28:12; Han 7:44; Heb 8:5
g Eks 40:8; 1Kn 6:36; 1Kn 8:64; Ps 84:10; Ps 92:13; Ps 100:4
h Eks 38:9
i Eks 38:10
j Eks 38:11
k Eks 38:12

die voorhof aan die oostekant,
teen die sonsopgang, is vyftig
el.[a] 14 En daar is vyftien el
behangsels aan die een kant, en
hulle pilare is drie en hulle voet-
stukke is drie.[b] 15 En vir die
ander kant is daar vyftien el be-
hangsels, en hulle pilare is drie
en hulle voetstukke is drie.[c]

16 "En vir die poort van die
voorhof is daar 'n skerm wat
twintig el lank is, van blou
weefgaring en purperrooige-
kleurde wol en karmosynrooi
stof en fyn gedraaide linne-
draad, die werk van 'n wewer,[d]
en hulle pilare is vier en hul-
le voetstukke vier.[e] 17 Al die
pilare van die voorhof rond-
om het silwerhegstukke, en
hulle penne is van silwer, maar
hulle voetstukke van koper.[f]
18 Die lengte van die voorhof
is honderd el[g] en die breed-
te vyftig el en die hoogte vyf
el, van fyn gedraaide linne-
draad, en hulle voetstukke is
van koper. 19 En al die voor-
werpe van die tabernakel vir sy
hele bediening en al sy tentpen-
ne en al die penne van die voor-
hof is van koper.[h]

20 "En wat jou betref, jy
moet die kinders van Israel be-
veel om vir jou suiwer, uitge-
stampte olyfolie vir die lig te
bring, om die lampe voortdu-
rend te laat brand.[i] 21 In die
tent van samekoms, buite die
voorhangsel[j] wat by die Getuie-
nis is, moet Aäron en sy seuns
dit van die aand tot die oggend
voor Jehovah versorg.[k] Dit is
'n insetting tot onbepaalde tyd
vir hulle geslagte,[l] wat deur
die kinders van Israel nagekom
moet word.[m]

**28** "En wat jou betref, laat
jou broer Aäron en sy
seuns saam met hom uit die
midde van die kinders van Is-
rael nader kom na jou toe, so-
dat hy my as priester kan dien:[a]
Aäron,[b] Nadab en Abi'hu,[c] Elea'-
sar en I'tamar,[d] die seuns van
Aäron. 2 En jy moet vir jou
broer Aäron heilige klere maak,
tot heerlikheid en prag.[e] 3 En
jy moet praat met al die wyses
wat 'n hart het wat ek met die
gees van wysheid[f] vervul het,
en hulle moet Aäron se klere
maak om hom te heilig, sodat hy
my as priester kan dien.[g]

4 "En dít is die klere wat hul-
le moet maak: 'n borsstuk[h] en
'n efod[i] en 'n moulose oorkleed[j]
en 'n kleed met 'n ruitpatroon,
'n tulband[k] en 'n lyfband;[l] en
hulle moet die heilige klere
vir jou broer Aäron en sy seuns
maak, sodat hy my as pries-
ter kan dien. 5 En hulle moet
die goud en die blou weefgaring
en die purperrooigekleurde wol
en die karmosynrooi stof en die
fyn linne neem.

6 "En hulle moet die efod
maak van goud, blou weefga-
ring en purperrooigekleurde
wol, karmosynrooi stof en fyn
gedraaide linnedraad, die werk
van 'n borduurder.[m] 7 En dit
moet twee skouerstukke hê
wat aan die twee ente daar-
van saamgevoeg kan word, en
dit moet saamgevoeg word.[n]
8 En die gordel,[o] wat daar-
aan is om dit styf vas te bind,
moet op dieselfde manier ge-
maak word, van dieselfde stow-
we, van goud, blou weefgaring
en purperrooigekleurde wol en
karmosynrooi stof en fyn ge-
draaide linnedraad.

9 "En jy moet twee oniks-
stene[p] neem en die name van
die kinders van Israel[q] daar-
op graveer,[r] 10 ses van hul-
le name op die een steen en
die name van die oorblywen-
de ses op die ander steen, in die

HFST. 27
a Eks 38:13
b Eks 38:14, Eks 39:40
c Eks 38:15
d Eks 35:25, Eks 38:18
e Eks 38:19
f Eks 38:17
g Eks 27:9
h Eks 38:20, Nu 3:36
i Eks 39:37, Le 24:2
j Eks 26:33, Eks 40:3, Heb 6:19, Heb 9:2, Heb 9:3, Heb 10:20
k Eks 30:8, Le 24:3, 2Kr 13:11
l Eks 28:43, Eks 40:15
m Le 21:21, Nu 16:40, Nu 18:23, 2Kr 26:18

Tweede kol.

HFST. 28
a Le 8:2, Heb 5:1
b Eks 4:14, Ps 99:6, Heb 5:4
c Eks 6:23, Le 10:1, Nu 26:61
d Eks 38:21, Le 10:16, 1Kr 6:3, 1Kr 24:2
e Eks 29:5, Le 8:7
f Ef 1:17
g Eks 31:6, Eks 36:1, Spr 2:6
h Eks 39:8, Eks 39:15, Le 8:8
i Eks 39:2
j Eks 39:22
k Eks 39:28, Eks 39:30, Le 8:9
l Eks 39:29, Le 8:7, Jes 11:5
m Eks 39:3
n Eks 39:4
o Eks 29:5
p Ge 2:12, Eks 35:9
q Eks 39:14
r Eks 39:6, 2Kr 2:7

volgorde van hulle geboorte.[a]
**11** Met steensnyerswerk, met
seëlgraveerwerk, moet jy die
name van die kinders van Is-
rael op die twee stene graveer.[b]
In goue monterings geset, moet
jy hulle maak.[c] **12** En jy moet
die twee stene op die skou-
erstukke van die efod sit as ge-
dagtenisstene vir die kinders
van Israel;[d] en Aäron moet hul-
le name op sy twee skouerstuk-
ke as ’n gedagtenis voor Jeho-
vah dra. **13** En jy moet goue
monterings maak, **14** en twee
kettinkies van suiwer goud.[e]
Soos koorde moet jy hulle
maak, gedraai soos ’n tou; en jy
moet die touagtige kettinkies
aan die monterings vasheg.[f]

**15** “En jy moet die borsstuk
van regspraak[g] soos die werk
van ’n borduurder maak. Soos
die efod gemaak is, moet jy
dit maak. Van goud, blou weef-
garing en purperrooigekleurde
wol en karmosynrooi stof en
fyn gedraaide linnedraad moet
jy dit maak.[h] **16** Dit moet
vierkantig wees wanneer dit
dubbel gevou is, ’n span lank en
’n span breed.[i] **17** En jy moet
dit vul met ’n steeninvulling,
vier rye stene.[j] ’n Ry van ro-
byn,[k] topaas[l] en smarag,[m] die
eerste ry. **18** En die tweede
ry: turkoois,[n] saffier[o] en jas-
pis.[p] **19** En die derde ry: *lesj’-
em*-steen, agaat[q] en ametis.[r]
**20** En die vierde ry: chriso-
liet,[s] oniks[t] en niersteen. Hulle
moet in kassies van goud geset
word.[u] **21** En die stene moet
volgens die name van die kin-
ders van Israel wees, die twaalf
volgens hulle name.[v] Met seël-
graveerwerk moet hulle wees,
elkeen volgens sy naam, vir die
twaalf stamme.[w]

**22** “En jy moet aan die
borsstuk gedraaide kettinkies
maak, gedraai soos ’n tou, van
suiwer goud.[a] **23** En jy moet
aan die borsstuk twee goue
ringe maak,[b] en jy moet die
twee ringe aan die twee
ente van die borsstuk vassit.
**24** En jy moet die twee goue
toutjies deur die twee ringe
aan die ente van die borsstuk
steek.[c] **25** En jy moet die
twee ente van die twee tou-
tjies deur die twee monterings
steek, en jy moet dié aan die
skouerstukke van die efod vas-
sit, aan die voorkant daarvan.[d]
**26** En jy moet twee goue ringe
maak en hulle aan die twee
ente van die borsstuk vassit,
aan die binnerand wat na die
efod gekeer is.[e] **27** En jy moet
twee goue ringe maak en hulle
onderaan die twee skouerstuk-
ke van die efod vassit, aan
die voorkant daarvan, naby
die plek waar dit saamgevoeg
is, bo die gordel van die efod.[f]
**28** En hulle moet die borsstuk
met sy ringe aan die ringe van
die efod vasbind met ’n blou
toutjie, sodat dit bo die gordel
van die efod bly en die borsstuk
nie van die efod afskuif nie.[g]

**29** “En Aäron moet die name
van die kinders van Israel op
die borsstuk van regspraak op
sy hart dra wanneer hy in die
Heilige ingaan, om hulle voort-
durend voor Jehovah in gedag-
tenis te bring. **30** En jy moet
die Urim[h] en die Tummim in
die borsstuk van regspraak sit,
en hulle moet op Aäron se hart
wees wanneer hy voor Jehovah
ingaan; en Aäron moet voort-
durend die regspraak[i] van die
kinders van Israel op sy hart
dra voor Jehovah.

**31** “En jy moet die moulose
oorkleed van die efod heelte-
mal van blou weefgaring maak.[j]
**32** En boaan, in die middel

**HFST. 28**
a Ge 43:33, Eks 1:1
b Eks 35:27
c Eks 39:13
d Eks 39:7
e Eks 39:15
f Eks 39:18
g Eks 28:30, Le 8:8, Nu 27:21
h Eks 39:8
i Eks 39:9
j Eks 39:10
k Ese 27:16
l Op 21:20
m Eks 39:10, Op 21:19
n Eks 39:11
o Eks 24:10, Ese 1:26
p Op 4:3, Op 21:11
q Eks 39:12
r Op 21:20
s Hgl 5:14
t 1Kr 29:2
u Eks 39:13
v 1Kn 18:31
w Eks 1:1

**Tweede kol.**
a Eks 39:15
b Eks 39:16
c Eks 39:17, Le 8:8
d Eks 39:18
e Eks 39:19
f Eks 28:8, Eks 39:20, Le 8:7
g Eks 39:21
h Le 8:8, Nu 27:21, De 33:8, 1Sa 28:6, Esr 2:63
i Jes 58:2, Joh 8:16, Heb 4:15, Heb 5:1
j Eks 39:22, Le 8:7

daarvan, moet ’n opening wees.
Die opening moet ’n rand rond-
om hê, die werk van ’n wewer.
Soos die opening van ’n pantser
moet dit daarvoor wees, sodat
dit nie kan skeur nie.[a] **33** En
jy moet aan die soom daar-
van granaatjies maak van blou
weefgaring en purperrooige-
kleurde wol en karmosynrooi
stof, aan die soom daarvan
rondom, en daar tussenin goue
klokkies[b] rondom; **34** ’n goue
klokkie en ’n granaatjie, ’n
goue klokkie en ’n granaat-
jie, aan die soom van die mou-
lose oorkleed rondom.[c] **35** En
Aäron moet dit aanhê om te
kan dien, en die geluid wat van
hom af kom, moet gehoor word
wanneer hy voor Jehovah in die
heiligdom ingaan en wanneer
hy uitkom, sodat hy nie sterf
nie.[d]

**36** “En jy moet ’n blink plaat
van suiwer goud maak en met
seëlgraveerwerk daarop gra-
veer: ‘Heiligheid behoort aan
Jehovah.’[e] **37** En jy moet dit
met ’n blou toutjie vasmaak, en
dit moet aan die tulband wees.[f]
Aan die voorkant van die tul-
band moet dit wees. **38** En
dit moet op Aäron se voor-
kop wees, en Aäron moet ver-
antwoording doen vir die oor-
treding wat begaan is teen die
heilige voorwerpe,[g] wat die kin-
ders van Israel sal heilig, dit wil
sê al hulle heilige gawes; en dit
moet voortdurend op sy voor-
kop bly, om vir hulle goedkeu-
ring voor Jehovah te verkry.[h]

**39** “En jy moet die kleed van
fyn linne met ’n ruitpatroon
weef en ’n tulband van fyn lin-
ne maak,[i] en jy moet ’n lyfband
maak,[j] die werk van ’n wewer.

**40** “En vir Aäron se seuns
moet jy klere maak,[k] en jy
moet vir hulle lyfbande maak,
en jy moet vir hulle hoofbedek-
kings[a] maak, tot heerlikheid en
prag.[b] **41** En jy moet dit vir
jou broer Aäron en sy seuns
saam met hom aantrek, en jy
moet hulle salf[c] en hulle hand
met mag vul[d] en hulle heilig, en
hulle moet my as priesters dien.
**42** En maak vir hulle linne-
broeke om die naakte vlees te
bedek.[e] Van die heupe tot by
die dye moet dit strek. **43** En
Aäron en sy seuns moet dit aan-
hê wanneer hulle in die tent
van samekoms ingaan of wan-
neer hulle nader gaan na die al-
taar om in die heiligdom te
dien, sodat hulle hulle aan geen
oortreding skuldig maak en be-
slis sterf nie. Dit is ’n insetting
tot onbepaalde tyd vir hom en
sy nageslag ná hom.[f]

**29** “En dít is wat jy vir hul-
le moet doen om hulle
te heilig, sodat hulle my as
priesters kan dien: Neem ’n
jong bul en twee ramme,[g] son-
der gebrek,[h] **2** en ongesuurde
brood en ongesuurde ringvor-
mige koeke wat met olie be-
vogtig is en ongesuurde plat-
koeke wat met olie gesmeer is.[i]
Van fyn koringmeel moet jy dit
maak. **3** En jy moet dit in ’n
mandjie sit en dit in die mand-
jie aanbied,[j] en ook die bul en
die twee ramme.

**4** “En jy moet Aäron en sy
seuns na die ingang[k] van die
tent van samekoms laat kom,
en jy moet hulle met water
was.[l] **5** Dan moet jy die klere
neem[m] en vir Aäron die kleed
en die moulose oorkleed van die
efod en die efod en die borsstuk
aantrek, en jy moet dit styf om
hom vasbind met die gordel van
die efod.[n] **6** En jy moet die
tulband op sy kop sit en die hei-
lige toewydingsteken aan die

HFST. 28
a Eks 39:23
b Eks 39:25
c Eks 39:26
d Le 16:2; Nu 18:7
e Eks 39:30; Le 8:9; 1Kr 16:29; Ps 93:5; Sag 14:20; Heb 7:26; 1Pe 1:16
f Eks 29:6; Eks 39:31
g Le 10:17; Le 22:9; Nu 18:1; Jes 53:11; 2Ko 5:21; Heb 9:28; 1Pe 2:24
h Le 23:11; Ro 8:34; Heb 7:25
i Eks 28:4; Op 19:8
j Eks 39:29
k Eks 39:27; Le 8:13; 1Sa 2:18

Tweede kol.
a Eks 39:28; Le 8:13
b Eks 28:2
c Eks 29:7; Eks 30:30; Le 10:7; Han 10:38; 2Ko 1:21; 1Jo 2:27
d Eks 29:9; Le 8:33; Nu 3:3
e Le 6:10
f Eks 27:21

HFST. 29
g Le 8:2; Le 9:2; 2Kr 13:9
h De 15:21; De 17:1
i Le 6:20; Le 7:12
j Le 8:26
k Eks 26:36; Eks 40:28; Le 8:3
l Le 8:6; Heb 7:26; Heb 10:22
m Eks 28:4; Le 8:7; Le 16:4
n Eks 28:8

tulband vassit.[a] **7** En jy moet
die salfolie[b] neem en dit op sy
kop uitgiet en hom salf.[c]
**8** “Dan moet jy sy seuns laat
nader kom en vir hulle die
klere aantrek.[d] **9** En jy moet
hulle met die lyfbande omgord,
Aäron sowel as sy seuns, en jy
moet hulle die hoofbedekking
ombind; en die priesterskap
moet hulle s’n word as ’n in-
setting tot onbepaalde tyd.[e] So
moet jy die hand van Aäron en
die hand van sy seuns met mag
vul.[f]
**10** “Jy moet dan die bul voor
die tent van samekoms bring,
en Aäron en sy seuns moet hul-
le hande op die bul se kop
lê.[g] **11** En jy moet die bul
voor Jehovah slag, by die in-
gang van die tent van same-
koms.[h] **12** En jy moet van die
bul se bloed neem[i] en dit met
jou vinger aan die horings van
die altaar smeer,[j] en die res
van die bloed moet jy alles aan
die voet van die altaar uitgiet.[k]
**13** En jy moet al die vet neem[l]
wat die ingewande bedek,[m] en
die aanhangsel aan die lewer,[n]
en die twee niere en die vet wat
daaraan is, en jy moet dit op
die altaar laat rook.[o] **14** Maar
die bul se vleis en sy vel en sy
mis moet jy buite die kamp met
vuur verbrand.[p] Dit is ’n sond-
offer.
**15** “Dan moet jy die een ram
neem,[q] en Aäron en sy seuns
moet hulle hande op die ram
se kop lê.[r] **16** En jy moet die
ram slag en sy bloed neem en
dit rondom op die altaar sprin-
kel.[s] **17** En jy moet die ram in
sy stukke opsny, en jy moet sy
ingewande was[t] en sy pote en
sy stukke teen mekaar lê tot by
sy kop. **18** En jy moet die hele
ram op die altaar laat rook. Dit
is ’n brandoffer[u] vir Jehovah, ’n
rustige geur.[a] Dit is ’n vuurof-
fer aan Jehovah.
**19** “Daarna moet jy die an-
der ram neem, en Aäron en sy
seuns moet hulle hande op die
ram se kop lê.[b] **20** En jy moet
die ram slag en van sy bloed
neem en dit aan die regteroor-
lel van Aäron smeer en aan
die regteroorlel van sy seuns
en aan die duim van hulle reg-
terhand en die groottoon van
hulle regtervoet,[c] en jy moet
die bloed rondom op die altaar
sprinkel. **21** En jy moet van
die bloed neem wat op die al-
taar is en van die salfolie,[d] en jy
moet dit op Aäron en sy klere
spat en op sy seuns en die klere
van sy seuns saam met hom, so-
dat hy en sy klere en sy seuns
en die klere van sy seuns saam
met hom inderdaad heilig kan
wees.[e]
**22** “En jy moet van die ram
die vet neem en die vetstert[f] en
die vet wat die ingewande be-
dek, en die aanhangsel van
die lewer, en die twee nie-
re en die vet wat daaraan is,
en die regterboud,[g] want dit is
’n inhuldigingsram;[h] **23** ook
’n ronde brood en ’n ringvor-
mige oliebroodkoek en ’n plat-
koek uit die mandjie met onge-
suurde koeke wat voor Jehovah
is.[i] **24** En jy moet dit alles op
die palms van Aäron en op die
palms van sy seuns sit,[j] en jy
moet dit as ’n beweegoffer voor
Jehovah heen en weer beweeg.[k]
**25** En jy moet dit uit hulle han-
de neem en dit op die altaar bo-
op die brandoffer as ’n rustige
geur voor Jehovah laat rook.[l]
Dit is ’n vuuroffer aan Jeho-
vah.[m]
**26** “En jy moet die bors van
die inhuldigingsram neem,[n]
wat vir Aäron is, en dit as ’n
beweegoffer voor Jehovah heen

**HFST. 29**
a Eks 28:36, Eks 39:30, Le 8:9
b Eks 30:25
c Le 8:12, Ps 133:2, Jes 61:1, Han 10:38
d Eks 28:40, Le 8:13
e Eks 28:1, Eks 28:43, Eks 40:15
f Eks 28:41, Eks 32:29, Flp 4:13
g Le 8:14
h Le 1:3, Le 1:5
i Le 8:15
j Eks 27:2
k Le 4:7
l Le 3:17, Le 4:8, Ps 69:9
m Le 1:9, Le 9:14
n Le 8:16, Le 9:19
o Le 17:6
p Le 16:27
q Le 8:18
r Le 1:4
s Le 8:19, Heb 9:22
t Le 1:13, Le 8:21
u Ge 22:2, Le 9:24

**Tweede kol.**
a Ge 8:21, Ef 5:2, Flp 4:18
b Le 8:22
c Le 8:24
d Eks 30:25, Ps 133:2, Jes 61:1
e Le 8:30
f Le 3:9, Le 7:3, Le 9:19
g Le 7:32, Le 9:21, Nu 18:18
h Le 8:22
i Le 8:26, 1Ko 5:8
j Le 8:27
k Le 7:30
l Le 8:28, Ef 5:2
m Le 10:13, 1Sa 2:28
n Le 8:29, Ps 99:6

en weer beweeg, en dit moet jou
deel word. **27** En jy moet die
bors[a] van die beweegoffer heilig
en die boud van die heilige deel,
wat beweeg is en wat van die in-
huldigingsram[b] bygedra is, van
wat vir Aäron en van wat vir
sy seuns was. **28** En dit moet
Aäron en sy seuns s'n word
deur 'n voorskrif tot onbepaal-
de tyd wat deur die kinders van
Israel nagekom moet word, om-
dat dit 'n heilige deel is;[c] en dit
sal 'n heilige deel word wat deur
die kinders van Israel gegee
moet word. Van hulle gemeen-
skapsoffers[d] is dit hulle heilige
deel vir Jehovah.

**29** "En die heilige klere[e] wat
Aäron s'n is, sal vir sy seuns[f]
ná hom dien, om hulle daarin te
salf[g] en om daarin hulle hand
met mag te vul.[h] **30** Die pries-
ter wat hom uit sy seuns opvolg
en wat in die tent van same-
koms ingaan om in die heilig-
dom te dien, moet dit sewe dae[i]
dra.

**31** "En jy moet die inhuldi-
gingsram neem, en jy moet sy
vleis in 'n heilige plek kook.[j]
**32** En Aäron en sy seuns moet
die vleis van die ram en die
brood wat in die mandjie is,
by die ingang van die tent van
samekoms eet.[k] **33** En hul-
le moet die dinge eet waarmee
versoening gedoen is om hulle
hand met mag te vul, ten einde
hulle te heilig.[l] Maar 'n vreem-
deling mag dit nie eet nie, want
dit is iets heiligs.[m] **34** En as
daar van die vleis van die inhul-
digingsoffer en van die brood
tot die oggend toe sou oorbly,
dan moet jy wat oorgebly het,
met vuur verbrand.[n] Dit mag
nie geëet word nie, want dit is
iets heiligs.

**35** "En so moet jy met Aäron
en sy seuns doen volgens alles
wat ek jou beveel het.[a] Jy moet
sewe dae lank hulle hand met
mag vul.[b] **36** En jy moet elke
dag die sondofferbul vir versoe-
ning offer,[c] en jy moet die al-
taar van sonde reinig deurdat jy
daarvoor versoening doen, en
jy moet dit salf[d] om dit te hei-
lig. **37** Jy moet sewe dae lank
vir die altaar versoening doen,
en jy moet dit heilig[e] sodat dit
inderdaad 'n hoogheilige altaar
kan word.[f] Enigeen wat aan die
altaar raak, moet heilig wees.[g]

**38** "En dít is wat jy op die
altaar moet offer: jong ramme,
elk 'n jaar oud, voortdurend
twee per dag.[h] **39** En jy moet
die een jong ram in die og-
gend offer,[i] en jy moet die an-
der jong ram tussen die twee
aande offer.[j] **40** En 'n tiende
van 'n efa fynmeel[k] wat met 'n
kwart hin uitgestampte olie be-
vogtig is en 'n drankoffer[l] van
'n kwart hin wyn moet vir die
eerste jong ram wees. **41** En
jy moet die tweede jong ram
tussen die twee aande offer.
Met 'n graanoffer[m] soos dié van
die oggend en met net so 'n
drankoffer moet jy dit as 'n
rustige geur bring, 'n vuurof-
fer aan Jehovah. **42** Dit is 'n
voortdurende[n] brandoffer in al
julle geslagte by die ingang van
die tent van samekoms voor
Jehovah, waar ek my voor jul-
le sal stel om daar met julle te
praat.[o]

**43** "En ek sal my daar voor
die kinders van Israel stel, en
dit sal beslis deur my heerlik-
heid geheilig word.[p] **44** En ek
sal die tent van samekoms en
die altaar heilig; en ek sal
Aäron en sy seuns heilig,[q] sodat
hulle my as priesters kan dien.
**45** En ek sal in die midde van
die kinders van Israel woon, en

**HFST. 29**
a Le 10:15
b Eks 29:22; Le 7:37
c Le 7:34; Le 10:14; Nu 15:19; Nu 18:24; De 18:3
d Le 7:11
e Eks 28:4
f Nu 20:26
g Eks 30:30; Eks 40:15; Le 8:12; 2Ko 1:21
h Eks 28:41; Le 8:33; 2Ko 3:5
i Le 8:35; Le 9:1
j Le 8:31
k 1Ko 9:13; 1Ko 9:14
l Le 10:13
m Le 22:10; Nu 3:10; Mt 12:4
n Eks 12:10; Le 8:32

**Tweede kol.**
a Le 8:4
b Le 8:33
c Le 4:20
d Eks 30:28; Le 8:11; Nu 7:1
e Eks 40:10
f Eks 30:29; Mt 23:19
g Eks 30:29
h 1Kr 16:40; 2Kr 2:4; 2Kr 13:11; Da 9:27; Heb 7:27; Heb 10:11
i 2Kn 16:15; Han 26:7
j Da 9:21
k Eks 16:36; Nu 28:5
l Ge 35:14; Le 23:13; Flp 2:17
m 1Kn 18:29; Ps 141:2
n Nu 28:6
o Eks 25:22; Le 1:1; Nu 17:4
p Eks 40:34; Nu 12:5; 1Kn 8:11
q Le 21:15; Le 22:9; Joh 10:36

ek sal hulle God wees.[a] **46** En
hulle sal beslis weet dat ek Je-
hovah hulle God is, wat hulle
uit Egipteland uitgelei het om
in hulle midde te woon.[b] Ek is
Jehovah hulle God.[c]

**30** “En jy moet ’n altaar
maak as ’n plek om reuk-
werk te brand;[d] van akasia-
hout moet jy dit maak. **2** ’n
El lank en ’n el breed, vier-
kantig moet dit wees, en twee
el hoog. Sy horings kom daar-
uit voort.[e] **3** En jy moet dit
met suiwer goud oortrek, sy bo-
vlak en sy kante rondom en sy
horings; en jy moet daarvoor ’n
goue rand rondom maak.[f]
**4** Jy moet ook twee goue ringe
daarvoor maak. Onder sy rand
aan twee van sy kante moet jy
hulle maak, aan twee teenoor-
gestelde kante, aangesien hul-
le moet dien as houers vir die
draaghoute om dit mee te dra.[g]
**5** En jy moet die draaghoute
van akasiahout maak en hul-
le met goud oortrek.[h] **6** En jy
moet dit voor die voorhangsel
sit wat naby die ark van die ge-
tuienis is,[i] voor die deksel wat
oor die Getuienis is, waar ek my
voor jou sal stel.[j]

**7** “En Aäron moet welrie-
kende reukwerk[k] daarop laat
rook.[l] Oggend na oggend, wan-
neer hy die lampe gereed-
maak,[m] moet hy dit laat rook.
**8** En wanneer Aäron die lam-
pe tussen die twee aande op-
steek, moet hy dit laat rook.
Dit is ’n voortdurende reuk-
werk voor Jehovah in julle ge-
slagte. **9** Julle mag daarop
geen onwettige reukwerk[n] of
brandoffer of graanoffer bring
nie; en julle mag geen drankof-
fer daarop uitgiet nie. **10** En
Aäron moet een keer per jaar
op die horings daarvan versoe-
ning doen.[o] Met van die bloed
van die sondoffer[a] van die ver-
soening moet hy een keer per
jaar daarvoor versoening doen
in julle geslagte. Dit is hooghei-
lig vir Jehovah.”

**11** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en gesê:
**12** “Wanneer jy ook al die vol-
le getal van die kinders van Is-
rael opneem deur ’n telling te
hou,[b] moet hulle elkeen vir sy
siel ’n losprys aan Jehovah gee
wanneer hulle getel word,[c] so-
dat daar geen plaag oor hulle
kom wanneer hulle getel word
nie.[d] **13** Dít is wat almal moet
gee wat na die geteldes oor-
gaan: ’n halfsikkel volgens die
sikkel van die heiligdom.[e] Twin-
tig gera is gelyk aan ’n sikkel. ’n
Halfsikkel is die bydrae vir Je-
hovah.[f] **14** Elkeen wat na die
geregistreerdes oorgaan, van
twintig jaar en ouer, moet Je-
hovah se bydrae gee.[g] **15** Die
ryke moenie meer gee en die
arme moenie minder gee as die
halfsikkel nie,[h] ten einde Jeho-
vah se bydrae te gee om vir
julle siel versoening te doen.[i]
**16** En jy moet die silwergeld
van die versoening van die kin-
ders van Israel neem en dit vir
die diens van die tent van same-
koms gee,[j] sodat dit inderdaad
kan dien om die kinders van Is-
rael voor Jehovah in gedagtenis
te bring, om vir julle siel versoe-
ning te doen.”

**17** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en gesê:
**18** “Jy moet ’n koperkom met
sy kopervoetstuk maak, om in
te was,[k] en jy moet dit tussen
die tent van samekoms en die
altaar sit en water daarin gooi.[l]
**19** En Aäron en sy seuns moet
hulle hande en hulle voete daar
was.[m] **20** Wanneer hulle in
die tent van samekoms ingaan,
moet hulle hulle met water was

HFST. 29
a Eks 25:8, Le 26:12, Sag 2:11, 2Ko 6:16, Ef 2:22
b Eks 20:2
c Le 11:44, Le 18:30, Le 19:2, Ese 20:5

HFST. 30
d Eks 40:5, Ps 141:2
e Eks 27:2, Eks 37:25, Le 4:7
f Eks 37:26
g Eks 37:27
h Eks 37:28
i Eks 26:33, Heb 9:3
j Eks 25:22
k Eks 30:34, 2Kr 13:11, Op 8:4
l Le 16:13, Nu 16:40, 1Sa 2:28, 1Kr 23:13, Lu 1:9
m Eks 27:20, 1Sa 3:3
n Le 10:1, 2Kr 26:18, Ese 8:11
o Le 16:18, Le 23:27, Heb 9:7

Tweede kol.
a Le 16:5, Le 16:6, Le 16:19
b Eks 38:25, Nu 1:2
c Nu 31:50
d 2Sa 24:10, 2Sa 24:15, 1Kr 21:12
e Le 27:25
f 2Kr 24:9, Ne 10:32, Mt 17:24
g Eks 38:26, Nu 1:3, Nu 26:2
h Job 34:19, Spr 22:2, Ef 6:9
i Nu 31:50
j Eks 38:25
k Eks 38:8, Le 8:11, 1Kn 7:38
l Eks 40:7
m Eks 40:31, Ef 5:26, Heb 10:22

sodat hulle nie sterf nie, of wan-
neer hulle nader gaan na die al-
taar om te dien, ten einde ’n
vuuroffer aan Jehovah te laat
rook.[a] **21** En hulle moet hulle
hande en hulle voete was sodat
hulle nie sterf nie,[b] en dit moet
vir hulle dien as ’n voorskrif tot
onbepaalde tyd, vir hom en sy
nageslag in al hulle geslagte.”[c]

**22** En Jehovah het voortge-
gaan om met Moses te praat
en gesê: **23** “Wat jou be-
tref, neem vir jou die keurig-
ste welriekende stowwe:[d] vyf-
honderd eenhede mirre[e] in
gestolde druppels en die helf-
te soveel soet kaneel,[f] twee-
honderd-en-vyftig eenhede, en
tweehonderd-en-vyftig eenhede
soet kalmoes[g] **24** en vyfhon-
derd eenhede kassia,[h] volgens
die sikkel van die heiligdom,[i] en
’n hin[j] olyfolie. **25** Dan moet
jy daarvan ’n heilige salfolie
maak, ’n salf, ’n mengsel wat die
werk van ’n salfmaker is.[k] Dit
moet ’n heilige salfolie wees.[l]

**26** “En jy moet daarmee die
tent van samekoms[m] en die ark
van die getuienis salf, **27** en
die tafel en al sy voorwerpe
en die lampstaander en sy
voorwerpe en die reukaltaar,
**28** en die brandofferaltaar en al
sy voorwerpe en die kom en sy
voetstuk. **29** En jy moet hulle
heilig sodat hulle inderdaad
hoogheilig kan word.[n] Enigeen
wat aan hulle raak, moet heilig
wees.[o] **30** En jy moet Aäron[p]
en sy seuns[q] salf, en jy moet
hulle heilig om my as priesters
te dien.[r]

**31** “En jy moet met die kin-
ders van Israel praat en sê: ‘Dit
moet vir my ’n heilige salfolie
bly in julle geslagte.[s] **32** Dit
mag nie in die vlees van mense
ingevryf word nie, en volgens
hierdie samestelling mag julle
niks soortgelyks maak nie. Dit
is iets heiligs. Dit moet vir jul-
le iets heiligs bly. **33** Enigeen
wat ’n soortgelyke salf maak en
wat daarvan op ’n vreemdeling
sit, moet uit sy volk uitgeroei
word.’ ”[a]

**34** En Jehovah het verder
vir Moses gesê: “Neem vir jou
welriekende stowwe:[b] stakte-
druppels en onika en wel-
riekende galbanum en suiwer
wierook.[c] Daar moet ’n gely-
ke hoeveelheid van elk wees.
**35** En jy moet daarvan ’n reuk-
werk[d] maak, ’n speserymeng-
sel, die werk van ’n salfmaker,
gesout,[e] suiwer, iets heiligs.
**36** En jy moet ’n deel daar-
van tot fyn poeier stamp en
’n deel daarvan voor die Getuie-
nis in die tent van samekoms
sit,[f] waar ek my voor jou sal
stel.[g] Dit moet vir julle hoog-
heilig wees. **37** En die reuk-
werk wat jy met hierdie sa-
mestelling sal maak, mag julle
nie vir julle maak nie.[h] Vir jou
moet dit iets heiligs vir Jehovah
bly.[i] **38** Enigiemand wat iets
soortgelyks maak om die reuk
daarvan te geniet, moet uit sy
volk uitgeroei word.”[j]

**31** En Jehovah het voort-
gegaan om met Moses
te praat en gesê: **2** “Kyk, ek
roep Besa′leël,[k] die seun van
Uri, die seun van Hur, van die
stam Juda, by name.[l] **3** En ek
sal hom met die gees van God
vervul wat wysheid en begrip
en kennis en elke soort vak-
manskap betref,[m] **4** om plan-
ne te ontwerp, om in goud en
silwer en koper te werk,[n]
**5** en om stene te bewerk om
dit te set[o] en om hout te be-
werk om allerhande artikels te
maak.[p] **6** En kyk! ek gee hom
Oho′liab by, die seun van Ahi′-
samag, van die stam Dan,[q] en

HFST. 30
a 2Kr 13:11
b Eks 40:31
c Eks 28:43
2Kr 4:6
d Hgl 4:14
Jer 6:20
e Ps 45:8
Hgl 1:13
Hgl 3:6
f Spr 7:17
Op 18:13
g Ese 27:19
h Ps 45:8
i Nu 3:47
j Eks 29:40
Le 19:36
Nu 15:5
k Eks 37:29
l Nu 35:25
Ps 89:20
Ps 133:2
Heb 1:9
m Eks 40:9
Nu 7:1
n Le 8:10
o Eks 29:37
Le 6:18
p Le 8:12
Han 10:38
q Nu 3:3
2Ko 1:21
r Eks 40:15
Op 5:10
s Eks 37:29
1Kn 1:39
Ps 89:20

Tweede kol.
a Eks 30:38
b Eks 25:6
Eks 37:29
c Le 5:11
Ne 13:5
Hgl 3:6
Mt 2:11
d Ps 141:2
Op 5:8
e Le 2:13
f Eks 16:34
g Eks 29:42
Le 16:2
h Eks 30:32
i Eks 29:37
j Le 24:16
Nu 15:35

HFST. 31
k Eks 37:1
l Eks 35:30
1Kr 2:20
m Eks 35:31
1Kn 7:14
n 2Kr 2:7
o Eks 28:9
p Eks 35:33
q Eks 35:34
Eks 38:23

in die hart van elkeen wat wys
van hart is, gee ek wysheid,
sodat hulle inderdaad alles kan
maak wat ek jou beveel het:[a]
**7** die tent van samekoms[b] en
die Ark[c] vir die getuienis en
die deksel wat daarop is,[d] en
al die voorwerpe van die tent,
**8** en die tafel en sy voorwerpe,[e]
en die lampstaander van suiwer
goud en al sy voorwerpe,[f] en die
reukaltaar,[g] **9** en die brand-
offeraltaar en al sy voorwerpe,[h]
en die kom en sy voetstuk,[i]
**10** en die klere van breistof en
die heilige klere vir die pries-
ter Aäron en die klere van sy
seuns om as priesters te dien;[j]
**11** en die salfolie en die welrie-
kende reukwerk vir die heilig-
dom.[k] Volgens alles wat ek jou
beveel het, moet hulle doen.”

**12** En Jehovah het verder
vir Moses gesê: **13** “Wat jou
betref, praat met die kinders
van Israel en sê: ‘Veral my sab-
batte moet julle hou,[l] want dit
is ’n teken tussen my en julle
in julle geslagte sodat julle kan
weet dat ek, Jehovah, julle hei-
lig.[m] **14** En julle moet die sab-
bat hou, want dit is vir julle iets
heiligs.[n] Hy wat dit ontheilig,
moet gewis doodgemaak word.[o]
As iemand daarop werk doen,
dan moet dié siel uitgeroei word
onder sy volk uit.[p] **15** Ses dae
mag werk gedoen word, maar
op die sewende dag is dit ’n sab-
bat van volkome rus.[q] Dit is iets
heiligs vir Jehovah. Elkeen wat
op die sabbatdag werk doen,
moet gewis doodgemaak word.
**16** En die kinders van Israel
moet die sabbat hou, sodat hul-
le die sabbat in hulle geslagte
sal vier. Dit is ’n verbond tot on-
bepaalde tyd.[r] **17** Tussen my
en die kinders van Israel is dit
’n teken tot onbepaalde tyd,[s]
want in ses dae het Jehovah die
hemel en die aarde gemaak en
op die sewende dag het hy ge-
rus en voortgegaan om hom te
verkwik.’ ”[a]

**18** En net toe hy klaar met
Moses op die berg Siʹnai gepraat
het, het hy vir hom twee tafels
van die Getuienis[b] gegee, klip-
tafels waarop die vinger[c] van
God geskryf het.

**32** Intussen het die volk ge-
sien dat Moses lank neem
om van die berg af te kom.[d]
Daarom het die volk om Aäron
bymekaargekom en vir hom ge-
sê: “Staan op, maak vir ons ’n
god wat voor ons uit sal trek,[e]
want wat hierdie Moses betref,
die man wat ons uit Egipteland
laat optrek het,[f] ons weet werk-
lik nie wat met hom gebeur het
nie.” **2** Hierop het Aäron vir
hulle gesê: “Ruk die goue oor-
ringe[g] af wat aan die ore van
julle vrouens, van julle seuns
en van julle dogters is, en bring
dit na my toe.” **3** En die hele
volk het begin om die goue oor-
ringe wat aan hulle ore was, af
te ruk en dit na Aäron toe te
bring. **4** Toe het hy die goud
uit hulle hande geneem, en hy
het dit met ’n graveeryster ge-
vorm[h] en ’n gegote beeld van ’n
kalf[i] daarvan gemaak. En hul-
le het begin sê: “Dit is jou God,
o Israel, wat jou uit Egipteland
laat optrek het.”[j]

**5** Toe Aäron dit sien, het hy
voor die beeld ’n altaar gebou.
Uiteindelik het Aäron uitge-
roep en gesê: “Môre is daar ’n
fees vir Jehovah.” **6** En hulle
het die volgende dag vroeg op-
gestaan, en hulle het brandof-
fers begin offer en gemeen-
skapsoffers begin aanbied.
Daarna het die volk gaan sit om
te eet en te drink. Toe het hulle
opgestaan om vrolik te wees.[k]

**HFST. 31**
a Eks 36:1
b Eks 36:8
c Eks 37:1
d Eks 37:6
e Eks 37:10
f Eks 35:14; Eks 37:17
g Eks 37:25
h Eks 38:1; Eks 40:6
i Eks 30:18; Eks 38:8
j Eks 28:2; Eks 28:15; Eks 39:1; Eks 39:27; Le 8:7
k Eks 30:25; Eks 30:35; Eks 37:29
l Eks 20:8; Le 19:30; Kol 2:17
m Ese 20:12; Joh 17:17; 1Te 5:23
n De 5:12; Jes 56:2
o Ese 20:13
p Eks 35:2; Nu 15:32; Nu 15:35
q Eks 16:23; Eks 20:10; Lu 23:56
r Le 24:8
s Eks 31:13

**Tweede kol.**
a Ge 2:2; Jes 40:28; Heb 4:4
b Eks 24:12; Eks 32:15; De 4:13; De 9:15
c Eks 8:19; Mt 12:28; Lu 11:20; 2Ko 3:3

**HFST. 32**
d Eks 24:18; De 9:9
e De 4:15; Joh 4:24; Han 7:40; Han 17:29
f Ho 12:13; Mi 6:4
g Eks 12:35
h De 9:16; Jes 44:9; Jes 46:6; Han 7:41
i 1Kn 12:28; 2Kn 10:29; Ps 106:19; Ho 13:2
j Eks 20:4; Ne 9:18; Ps 106:20; Ro 1:23
k Han 7:41; 1Ko 10:7

**7** Jehovah het toe vir Moses
gesê: “Gaan, klim af, want jou
volk wat jy uit Egipteland laat
optrek het, het verderflik ge-
handel.[a] **8** Hulle het gou van
die weg afgewyk wat ek hulle
beveel het om te gaan.[b] Hul-
le het vir hulle ’n gegote beeld
van ’n kalf gemaak en hou aan
om hulle daarvoor neer te buig
en daaraan offerandes te bring
en te sê: ‘Dit is jou God, o Is-
rael, wat jou uit Egipteland laat
optrek het.’ ”[c] **9** En Jehovah
het verder vir Moses gesê: “Ek
het hierdie volk gesien, en kyk,
dit is ’n hardnekkige volk.[d]
**10** Laat my dan nou begaan,
sodat my toorn teen hulle kan
ontvlam en ek hulle kan uit-
roei,[e] en laat ek jou ’n groot na-
sie maak.”[f]

**11** En Moses het die aange-
sig van Jehovah sy God ver-
sag[g] en gesê: “Waarom, o Jeho-
vah, sou u toorn[h] ontvlam teen
u volk wat u met groot krag
en met ’n sterk hand uit Egip-
teland uitgelei het? **12** Waar-
om sou die Egiptenaars[i] sê:
‘Met kwade bedoelings het hy
hulle uitgelei om hulle tussen
die berge dood te maak en om
hulle van die oppervlak van die
aarde uit te roei’?[j] Wend u af
van u brandende toorn[k] en voel
spyt[l] oor die kwaad teen u volk.
**13** Dink aan u knegte Abra-
ham, Isak en Israel, vir wie u
by uself gesweer het,[m] deurdat
u vir hulle gesê het: ‘Ek sal julle
saad vermeerder soos die ster-
re van die hemel,[n] en hierdie
hele land wat ek aangewys het,
sal ek aan julle saad gee,[o] sodat
hulle dit inderdaad in besit kan
neem tot onbepaalde tyd.’ ”[p]

**14** En Jehovah het begin
spyt voel oor die kwaad wat hy
gesê het hy sy volk sou aan-
doen.[q]

**15** Daarna het Moses omge-
draai en teen die berg afgeklim[a]
met die twee tafels van die Ge-
tuienis[b] in sy hand, tafels waar-
op daar aan al twee kante ge-
skryf was. Aan weerskante was
daar op hulle geskryf. **16** En
die tafels was die werk van
God, en die skrif was die skrif
van God, gegraveer op die ta-
fels.[c] **17** En Josua het die ge-
raas van die volk begin hoor
omdat hulle so geskreeu het, en
hy het vir Moses gesê: “Daar
is oorlogsgeraas[d] in die kamp.”
**18** Maar hy het gesê:

“Dit is nie die geluid van
sang oor ’n magtige
daad nie,[e]
En dit is nie die geluid van
sang oor ’n nederlaag
nie;
Dit is die geluid van ander
sang wat ek hoor.”

**19** En net toe hy naby die
kamp kom en die kalf[f] en die
danse kon sien, het Moses se
toorn ontvlam, en hy het dade-
lik die tafels uit sy hande ge-
gooi en hulle aan die voet van
die berg verbrysel.[g] **20** Toe
het hy die kalf geneem wat hul-
le gemaak het en dit met vuur
verbrand en dit verbrysel tot-
dat dit fyn was,[h] waarna hy dit
op die oppervlak van die wa-
ters[i] gestrooi het en die kin-
ders van Israel dit laat drink
het.[j] **21** Daarna het Moses vir
Aäron gesê: “Wat het hierdie
volk jou aangedoen dat jy ’n
groot sonde oor hulle gebring
het?” **22** Hierop het Aäron
gesê: “Laat die toorn van my
heer nie ontvlam nie. U ken
die volk goed, dat hulle tot die
kwaad geneig is.[k] **23** En hulle
het vir my gesê: ‘Maak vir ons
’n god wat voor ons uit sal trek,[l]
want wat hierdie Moses betref,
die man wat ons uit Egipteland

HFST. 32

- a De 4:16; De 9:12; De 32:5; Rig 2:19
- b Eks 18:20; Eks 20:3; De 9:16; Rig 2:17
- c 1Kn 12:28
- d Eks 34:9; De 9:6; Ne 9:16; Han 7:51; Heb 3:15
- e De 9:14
- f Nu 14:12
- g De 9:18; Ps 106:23
- h De 9:19
- i Nu 14:13
- j De 9:28
- k Jos 7:26
- l De 32:36; 2Sa 24:16
- m Ge 22:16; Heb 6:13
- n Ge 22:17; Ge 26:4; Ge 35:11
- o Ro 9:7
- p Ge 13:15
- q Ps 106:45; Ho 11:9; Jl 2:13

Tweede kol.

- a De 9:15
- b Eks 40:20; De 5:22
- c Eks 31:18; Eks 34:1; De 9:10; De 10:2; 2Ko 3:7
- d Jos 6:5; Am 1:14
- e Eks 15:1
- f De 9:16; Ne 9:18; Ps 106:19; Han 7:41
- g De 9:17
- h De 7:25; De 9:21; 2Kn 23:6
- i Eks 17:6
- j Spr 1:31
- k Eks 15:24; Eks 16:2; Eks 17:2; De 9:7; De 31:27
- l Eks 32:1; De 4:15; Han 7:40; Han 17:29

laat optrek het, ons weet werk-
lik nie wat met hom gebeur het
nie.' **24** Ek het derhalwe vir
hulle gesê: 'Wie het goud? Hul-
le moet dit van hulle afruk so-
dat hulle dit vir my kan gee.' En
ek het dit in die vuur gegooi,
en hierdie kalf het daaruit ge-
kom."

**25** En Moses het gesien dat
die volk bandeloos geword
het, omdat Aäron hulle ban-
deloos laat word het,[a] tot skan-
de onder hulle teenstanders.[b]
**26** Toe het Moses in die poort
van die kamp gaan staan en ge-
sê: "Wie is aan Jehovah se kant?
Kom na my toe!"[c] En al die
seuns van Levi het by hom
begin bymekaarkom. **27** Hy
het toe vir hulle gesê: "Só het
Jehovah, die God van Israel, ge-
sê: 'Gord elkeen van julle sy
swaard aan sy sy. Gaan van
poort tot poort deur die kamp
en weer terug en maak dood,
elkeen sy broer en elkeen sy
naaste en elkeen sy intie-
me kennis.' "[d] **28** En die seuns
van Levi[e] het gedoen soos Mo-
ses gesê het, sodat daar op daar-
die dag ongeveer drieduisend
man van die volk geval het.
**29** En Moses het verder gesê:
"Vul julle hand vandag met
mag vir Jehovah,[f] want elkeen
van julle is teen sy eie seun en
sy eie broer,[g] en sodat hy julle
vandag 'n seën kan skenk."[h]

**30** En net die volgende dag
het Moses vir die volk gesê:
"Julle—julle het 'n groot sonde
begaan,[i] en ek sal nou opklim
na Jehovah toe. Miskien kan
ek vir julle sonde versoening
doen."[j] **31** Toe het Moses na
Jehovah toe teruggekeer en ge-
sê: "Ag, maar hierdie volk het
'n groot sonde begaan, deur-
dat hulle vir hulle 'n god van
goud gemaak het![k] **32** Maar
as u tog nou hulle sonde sal
vergewe[a]—en so nie, wis my
dan asseblief uit[b] u boek[c] wat
u geskryf het." **33** Jehovah
het egter vir Moses gesê: "Elk-
een wat teen my gesondig het,
dié sal ek uit my boek uit-
wis.[d] **34** En kom dan nou, lei
die volk waarheen ek vir jou ge-
sê het. Kyk! My engel sal voor
jou uit gaan,[e] en die dag waar-
op ek straf bring, sal ek beslis
straf oor hulle bring vir hulle
sonde."[f] **35** En Jehovah het 'n
plaag oor die volk gebring om-
dat hulle die kalf gemaak het,
wat Aäron gemaak het.[g]

**33** En Jehovah het verder
vir Moses gesê: "Gaan,
trek hiervandaan op, jy en die
volk wat jy uit Egipteland laat
optrek het,[h] na die land wat
ek aan Abraham, Isak en Jakob
met 'n eed beloof het deur te sê:
'Aan jou saad sal ek dit gee.'[i]
**2** En ek sal 'n engel voor jou
uit stuur[j] en die Kanaäniete,
die Amoriete, en die Hetiete en
die Perissiete, die Hewiete en
die Jebusiete verdryf;[k] **3** na
'n land wat oorloop van melk en
heuning,[l] want ek sal nie in jou
midde optrek nie, omdat jy 'n
hardnekkige volk is,[m] sodat ek
jou nie op die pad uitroei nie."[n]

**4** Toe die volk hierdie onheil-
spellende woord hoor, het hul-
le begin treur;[o] en nie een van
hulle het sy sierade aangesit
nie. **5** En Jehovah het vir Mo-
ses gesê: "Sê vir die kinders
van Israel: 'Julle is 'n hard-
nekkige volk.[p] In een oomblik[q]
kan ek in jou midde optrek en
jou beslis uitroei. Haal dan nou
jou sierade van jou af, want ek
wil weet wat ek met jou gaan
doen.' "[r] **6** En van die berg
Horeb[s] af het die kinders van
Israel hulle sierade van hulle af-
gehaal.

**HFST. 32**
a 2Kr 28:19
b Eks 32:12; De 28:37
c Jos 24:15; 2Kn 9:32; 2Kn 10:15
d Nu 25:5; De 13:8; Sag 13:3
e De 33:9; Mal 2:4
f 2Kr 29:31
g Nu 25:11; De 13:6; Sag 13:3
h De 33:11
i 1Sa 2:17; 1Sa 12:20
j Nu 14:20; Nu 16:47; Nu 21:7; De 9:18
k Eks 20:23

**Tweede kol.**
a Nu 14:19; Jes 1:18
b De 9:14; Ro 9:3
c Ps 69:28; Da 12:1; Flp 4:3; Op 3:5; Op 17:8
d Jer 15:1; Ese 18:4
e Eks 23:20; Eks 33:2
f Am 3:14; Ro 2:5
g Han 7:41

**HFST. 33**
h Han 7:36
i Ge 12:7; Ge 15:6; Ge 26:3; Heb 11:9
j Eks 23:20; Eks 32:34
k De 7:1; De 7:22; Jos 24:11
l Eks 3:8; De 8:7; Jos 5:6; Jer 11:5
m Eks 32:9; De 9:6; Han 7:51
n Eks 32:10; Nu 16:21
o Nu 14:39; Ho 7:14
p Eks 34:9; Ps 78:8; Ps 106:25
q Nu 16:45; Ps 73:19
r Ge 18:21; De 8:2; Ps 139:23
s De 9:8

**7** Wat Moses betref, hy het
sy tent weggeneem en dit bui-
te die kamp opgeslaan, ver van
die kamp af; en hy het dit ’n
tent van samekoms genoem. En
elkeen wat Jehovah wou raad-
pleeg,[a] het uitgegaan na die
tent van samekoms, wat buite
die kamp was. **8** En die oom-
blik wanneer Moses na die tent
uitgegaan het, het die hele volk
opgestaan,[b] en hulle het elkeen
by die ingang van sy eie tent
gaan staan, en hulle het Mo-
ses agternagestaar totdat hy in
die tent ingegaan het. **9** En
die oomblik wanneer Moses in
die tent ingegaan het, het die
wolkkolom[c] afgekom, en dit het
by die ingang van die tent bly
staan, en hy het met Moses
gepraat.[d] **10** En die hele volk
het die wolkkolom[e] by die in-
gang van die tent sien staan,
en die hele volk het opgestaan
en hulle neergebuig, elkeen by
die ingang van sy eie tent.[f]
**11** En Jehovah het van aange-
sig tot aangesig[g] met Moses ge-
praat, soos ’n man met sy naas-
te sou praat. Wanneer hy na
die kamp teruggekeer het, het
sy dienaar[h] Josua, die seun van
Nun,[i] as helper, nie die tent ver-
laat nie.

**12** En Moses het vir Jehovah
gesê: “Kyk, u sê vir my: ‘Laat
hierdie volk optrek’, maar u het
my nie laat weet wie u saam
met my sal stuur nie. Ook het u
gesê: ‘Ek ken jou by name,[j] en
jy het ook guns in my oë ge-
vind.’ **13** En nou, asseblief, as
ek guns in u oë gevind het,[k]
maak dan asseblief u weë aan
my bekend,[l] dat ek u kan ken,
sodat ek guns in u oë kan vind.
En hou in gedagte dat hierdie
nasie u volk is.”[m] **14** Toe het
hy gesê: “Ek sal self saamgaan[n]
en ek sal jou beslis rus gee.”[o]
**15** Hierop het hy vir hom ge-
sê: “As u nie self saamgaan
nie, moet u ons nie hiervan-
daan laat optrek nie. **16** En
waaraan sal dit dan nou bekend
word dat ek guns in u oë ge-
vind het, ek en u volk? Is dit
nie daaraan dat u saam met
ons gaan,[a] deurdat ek en u volk
onderskei word van elke ander
volk wat op die oppervlak van
die aarde is nie?”[b]

**17** En Jehovah het vir Moses
gesê: “Ook dit waarvan jy ge-
praat het, sal ek doen,[c] omdat
jy guns in my oë gevind het en
ek jou by name ken.” **18** Hier-
op het hy gesê: “Laat my as-
seblief u heerlikheid sien.”[d]
**19** Maar hy het gesê: “Ek sal al
my goedheid voor jou aangesig
laat verbygaan,[e] en ek sal die
naam van Jehovah voor jou be-
kend maak;[f] en ek sal guns be-
toon aan wie ek guns sal be-
toon, en ek sal barmhartigheid
bewys aan wie ek barmhartig-
heid sal bewys.”[g] **20** En hy
het bygevoeg: “Jy kan my aan-
gesig nie sien nie, want geen
mens kan my sien en nogtans
lewe nie.”[h]

**21** En Jehovah het verder
gesê: “Hier is ’n plek by my, en
jy moet op die rots gaan staan.
**22** En terwyl my heerlikheid
verbygaan, sal ek jou in ’n holte
in die rots sit, en ek sal my palm
oor jou plaas as ’n skerm totdat
ek verbygegaan het. **23** Daar-
na sal ek my palm wegneem, en
jy sal my inderdaad van agter
sien. Maar my aangesig kan nie
gesien word nie.”[i]

**34** Toe het Jehovah vir Mo-
ses gesê: “Kap vir jou
twee kliptafels uit soos die eer-
stes,[j] en ek sal op die tafels die
woorde skryf wat op die eer-
ste tafels was,[k] wat jy ver-
brysel het.[l] **2** En wees gereed

**HFST. 33**
a Eks 18:26; Nu 27:5
b Le 19:32
c Eks 13:21; Ps 99:7
d Nu 11:17; Nu 12:5
e Eks 40:35
f Eks 4:31
g Ge 32:30; Eks 33:23; Nu 12:8; De 34:10; Joh 1:18; Joh 6:46; Han 7:38
h Eks 17:9; Eks 24:13
i Nu 11:28; De 1:38; Jos 1:1
j Ge 18:19; Ps 1:6; 2Ti 2:19
k Eks 34:9
l Ps 25:4; Ps 27:11; Ps 86:11; Ps 119:33; Jes 30:21
m De 9:26; Ps 33:12
n Eks 13:21; Eks 40:34; Jos 1:5; Jes 63:9
o Jos 21:44; Jos 23:1; Jer 6:16

**Tweede kol.**
a Nu 14:14
b De 4:34; 2Sa 7:23; Ps 147:20
c Jak 5:16; 1Jo 5:14
d Eks 16:10; Eks 24:17
e Lu 2:9; Han 7:38; Han 7:53
f Eks 3:13; Eks 6:3; Eks 34:6
g Ro 9:15; Ro 9:18
h De 5:24; Joh 4:24
i Eks 33:20; Joh 1:18

**HFST. 34**
j De 10:1
k De 9:10; 2Ko 3:3
l Eks 32:19; De 9:17

teen die oggend, want in die og-
gend moet jy teen die berg
Si′nai opklim en daar by my
op die top van die berg gaan
staan.[a] **3** Maar niemand mag
saam met jou opklim nie, en
laat daar ook niemand anders
op die hele berg gesien word
nie.[b] Laat ook geen kleinvee of
beeste voor daardie berg wei
nie.”[c]

**4** Toe het Moses twee klipta-
fels uitgekap soos die eerstes en
die oggend vroeg opgestaan en
teen die berg Si′nai opgeklim,
net soos Jehovah hom beveel
het, en hy het die twee klipta-
fels in sy hand geneem. **5** En
Jehovah het in die wolk neerge-
daal[d] en daar by hom gaan
staan en die naam van Jehovah
bekend gemaak.[e] **6** En Jeho-
vah het voor sy aangesig ver-
bygegaan en uitgeroep: “Jeho-
vah, Jehovah, ’n barmhartige[f]
en genadige[g] God, wat nie gou
toornig word nie[h] en oorvloedig
is in liefderyke goedhartigheid[i]
en waarheid,[j] **7** wat liefdery-
ke goedhartigheid vir duisende
bewaar,[k] wat ongeregtigheid en
oortreding en sonde vergewe,[l]
maar hy sal geensins vrystel-
ling van straf gee nie,[m] want hy
bring straf vir die oortreding
van vaders oor kinders en oor
kleinkinders, oor die derde ge-
slag en oor die vierde geslag.”[n]

**8** Dadelik het Moses vinnig
laag na die aarde gebuig en
hom neergewerp.[o] **9** Toe het
hy gesê: “As ek nou guns in u oë
gevind het, o Jehovah, laat Je-
hovah dan asseblief in ons mid-
de saamgaan,[p] want dit is ’n
hardnekkige volk,[q] en u moet
ons oortreding en ons sonde
vergewe,[r] en u moet ons as
u eiendom neem.”[s] **10** Hierop
het hy gesê: “Kyk, ek sluit ’n
verbond: Voor jou hele volk sal
ek wonderlike dinge doen wat
nog nooit op die hele aarde of
onder al die nasies geskep is
nie;[a] en die hele volk onder wie
jy is, sal inderdaad die werk van
Jehovah sien, want dit is iets
vreesinboesemends wat ek met
jou doen.[b]

**11** “Wat jou betref, onder-
hou wat ek jou vandag beveel.[c]
Kyk, ek verdryf die Amorie-
te en die Kanaäniete en die
Hetiete en die Perissiete en
die Hewiete en die Jebusiete
voor jou uit.[d] **12** Pas op dat
jy nie ’n verbond sluit met die
inwoners van die land waar-
heen jy gaan nie,[e] sodat dit nie
’n strik in jou midde word nie.[f]
**13** Maar hulle altare moet jul-
le afbreek, en hulle heilige pila-
re moet julle verbrysel, en hul-
le heilige pale moet julle afkap.[g]
**14** Want jy mag jou nie voor ’n
ander god neerwerp nie,[h] want
Jehovah, wie se naam Jaloers is,
hy is ’n jaloerse God;[i] **15** so-
dat jy nie ’n verbond met die in-
woners van die land sluit nie,
aangesien hulle beslis onsedeli-
ke gemeenskap met hulle gode
sal hê[j] en offerandes aan hulle
gode sal bring,[k] en iemand sal
jou sekerlik nooi, en jy sal beslis
van sy offerande eet.[l] **16** Dan
sal jy van hulle dogters vir jou
seuns moet neem,[m] en hulle
dogters sal sekerlik onsedelike
gemeenskap met hulle gode hê
en maak dat jou seuns onsedeli-
ke gemeenskap met hulle gode
het.[n]

**17** “Jy mag vir jou geen ge-
gote afgode maak nie.[o]

**18** “Die fees van die onge-
suurde koeke moet jy hou.[p] Jy
moet sewe dae lank ongesuur-

**HFST. 34**

a Eks 19:20; Eks 24:12
b Eks 19:12
c Eks 19:13; Heb 12:20
d Han 7:38; Han 7:53
e Eks 6:3; Eks 33:19
f 2Kr 30:9; Ne 9:17; Jl 2:13; Lu 6:36; Heb 8:12
g Eks 22:27; Ne 9:31; Ps 86:15; Jon 4:2
h Nu 14:18; Na 1:3; Ro 9:22; 2Pe 3:9
i Jer 31:3; Klg 3:22; Mi 7:18
j Ps 31:5; Ro 2:2
k Jer 32:18; Da 9:4
l Ps 103:12; Jes 55:7; Ef 4:32; 1Jo 1:9
m De 32:35; Jos 24:19; Ro 2:5; 2Pe 2:4; Jud 15
n Eks 20:5; Nu 14:18; De 30:19; 1Sa 15:2
o De 9:18
p Eks 33:14
q Eks 32:9; Eks 33:3
r Nu 14:19
s Ps 33:12; Ps 94:14

**Tweede kol.**

a 1Sa 12:16; 2Sa 7:23; 1Kr 17:21; Ps 147:20
b Eks 33:16; De 10:21; Jes 64:3
c Eks 19:5; De 12:28
d Ge 15:18; Eks 3:8; Eks 33:2; De 7:1
e Eks 23:32; De 7:2; Rig 2:2
f Eks 23:33; Jos 23:13
g Eks 23:24; De 12:3; Rig 6:25; 2Kn 18:4
h Eks 20:3; 1Ko 10:14; 1Jo 5:21
i Jos 24:19; Ese 39:25; 1Ko 10:22

**j** Le 17:7; De 31:16; Rig 2:17; Rig 8:33; Jer 3:9; Ese 6:9; **k** Nu 25:2; 1Ko 10:20; **l** Ps 106:28; Ese 18:6; 2Ko 6:14; Op 2:20; **m** Esr 9:2; **n** Nu 25:2; De 7:4; 1Kn 11:2; Ne 13:26; **o** Eks 32:8; Le 19:4; **p** Le 23:6; 1Ko 5:8.

de koeke eet, net soos ek jou be-
veel het, op die vasgestelde tyd
in die maand Abib,[a] want in die
maand Abib het jy uit Egipte
uitgetrek.

19 "Alles wat die moeder-
skoot open, is myne,[b] en, wat al
jou vee betref, die manlike eers-
teling onder die bulle en onder
die skape.[c] 20 En die eerste-
ling van 'n esel moet jy met 'n
skaap loskoop.[d] Maar as jy dit
nie loskoop nie, dan moet jy sy
nek breek. Elke eersgeborene
van jou seuns moet jy loskoop.[e]
En hulle mag nie met leë hande
voor my verskyn nie.[f]

21 "Ses dae moet jy arbei,
maar op die sewende dag moet
jy die sabbat hou.[g] In die ploeg-
tyd en tydens die oes moet jy
die sabbat hou.[h]

22 "En jy moet jou fees van
die weke met die eerste ryp
vrugte van die koringoes hou,[i]
en die fees van die insameling
by die jaarwisseling.[j]

23 "Drie keer in die jaar
moet almal wat manlik is on-
der jou, voor die ware Heer,
Jehovah, die God van Israel,
verskyn.[k] 24 Want ek sal die
nasies voor jou uit verdryf,[l] en
ek sal jou gebied ruim maak;[m]
en niemand sal jou land begeer
terwyl jy drie keer in die jaar
opgaan om die aangesig van Je-
hovah jou God te sien nie.[n]

25 "Jy mag die bloed van my
offerande nie saam met iets ge-
suurds slag nie.[o] En die offeran-
de van die pasgafees mag nie
oornag tot die oggend toe oor-
bly nie.[p]

26 "Die beste van die eerste
ryp vrugte[q] van jou grond moet
jy na die huis van Jehovah jou
God bring.[r]

"Jy mag 'n boklam nie in sy
moeder se melk kook nie."[s]

27 En Jehovah het verder
vir Moses gesê: "Skryf hier-
die woorde vir jou op,[a] want
ooreenkomstig hierdie woorde
sluit ek 'n verbond met jou en
Israel."[b] 28 En hy het veertig
dae en veertig nagte daar by Je-
hovah gebly. Hy het geen brood
geëet en geen water gedrink
nie.[c] En hy het die woorde van
die verbond, die Tien Woorde,
op die tafels geskryf.[d]

29 En toe Moses teen die
berg Si'nai afklim, was die twee
tafels van die Getuienis in die
hand van Moses toe hy teen die
berg afklim,[e] en Moses het nie
geweet dat die vel van sy gesig
glinster omdat hy met hom ge-
praat het nie.[f] 30 Toe Aäron
en al die kinders van Israel Mo-
ses sien, kyk! toe het die vel van
sy gesig geglinster, en hulle het
bang geword om naby hom te
kom.[g]

31 En Moses het hulle ge-
roep. Toe het Aäron en al die
owerstes van die vergadering
na hom toe teruggekom, en Mo-
ses het met hulle begin praat.
32 Eers daarna het al die kin-
ders van Israel nader gekom
na hom toe, en hy het hul-
le alles begin beveel wat Jeho-
vah vir hom op die berg Si'nai
gesê het.[h] 33 Wanneer Moses
klaar met hulle gepraat het, het
hy 'n sluier oor sy gesig gesit.[i]
34 Maar wanneer Moses voor
Jehovah ingegaan het om met
hom te praat, het hy die sluier
weggeneem totdat hy uitgaan.[j]
En hy het uitgegaan en aan die
kinders van Israel meegedeel
wat hy beveel is.[k] 35 En die
kinders van Israel het Moses se
gesig gesien, dat die vel van Mo-
ses se gesig glinster;[l] en Moses
het die sluier weer oor sy gesig
gesit totdat hy ingaan om met
hom te praat.[m]

**HFST. 34**

a Eks 23:15
b Eks 13:2; Lu 2:23
c Eks 22:30
d Eks 13:13
e Eks 13:15; Nu 18:15; Nu 18:16
f De 16:16
g De 5:12; Mt 12:8; Lu 13:14
h Jer 17:22
i Eks 23:16
j Le 23:34
k De 16:16
l Eks 34:11; Jos 24:8
m De 12:20; Ps 78:55
n Ge 35:5; Spr 16:7
o Eks 23:18
p Eks 12:10; Nu 9:12
q Nu 18:12; Ro 8:23; 1Ko 15:23; Jak 1:18; Op 14:4
r De 26:2; Ne 10:35; Spr 3:9; Ese 44:30
s Eks 23:19; De 14:21

**Tweede kol.**

a Eks 24:4; De 31:9; De 31:11
b Eks 24:8; De 4:13
c De 9:18; Mt 4:2
d Eks 31:18; De 10:2; 2Ko 3:6
e Eks 32:15; 2Ko 3:3; Heb 9:4
f Mt 17:2
g 2Ko 3:7
h Eks 24:3; De 1:3
i 2Ko 3:13
j 2Ko 3:16
k De 27:10
l 2Ko 3:7
m 2Ko 3:13

**35** Later het Moses die hele
vergadering van die kin-
ders van Israel bymekaarge-
roep en vir hulle gesê: “Dít is
die woorde wat Jehovah beveel
het, om dit te doen:[a] **2** Ses
dae mag werk gedoen word,[b]
maar die sewende dag moet vir
julle iets heiligs word, ’n sab-
bat van volkome rus vir Jeho-
vah. Elkeen wat daarop werk
doen, moet doodgemaak word.[c]
**3** Julle mag op die sabbatdag
geen vuur in enige van julle
woonplekke aansteek nie.”

**4** En Moses het verder vir
die hele vergadering van die
kinders van Israel gesê: “Dít is
die woord wat Jehovah beveel
het deur te sê: **5** ‘Samel onder
julle ’n bydrae vir Jehovah in.[d]
Laat elkeen wat gewillig van
hart is,[e] dit as Jehovah se by-
drae bring, naamlik goud en sil-
wer en koper[f] **6** en blou weef-
garing en purperrooigekleurde
wol en karmosynrooi stof en
fyn linne en bokhaar[g] **7** en
rooigekleurde ramsvelle en rob-
bevelle en akasiahout **8** en
olie vir die lig en balsemolie vir
die salfolie en vir die welrie-
kende reukwerk[h] **9** en oniks-
stene en setstene vir die efod[i]
en vir die borsstuk.[j]

**10** “ ‘En laat al die wyses van
hart[k] onder julle kom en alles
maak wat Jehovah beveel het,
**11** naamlik die tabernakel met
sy tent en sy bedekking, sy ha-
kies en sy paneelrame, sy sta-
we, sy pilare en sy voetstukke;
**12** die Ark[l] en sy draaghoute,[m]
die deksel[n] en die voorhangsel[o]
wat as skerm dien; **13** die ta-
fel[p] en sy draaghoute en al
sy voorwerpe en die toonbro-
de;[q] **14** en die lampstaander[r]
vir verligting en sy voorwerpe
en sy lampe en die olie[s] vir ver-
ligting; **15** en die reukaltaar[t]
en sy draaghoute; en die salf-
olie en die welriekende reuk-
werk;[a] en die skerm van die
ingang, vir die tabernakel se
ingang; **16** die brandofferal-
taar[b] en die koperrooster wat
daarby behoort, sy draaghoute
en al sy voorwerpe; die kom[c] en
sy voetstuk; **17** die behang-
sels van die voorhof,[d] sy pilare
en sy voetstukke; en die skerm
van die poort van die voorhof;
**18** die tentpenne van die taber-
nakel en die tentpenne van die
voorhof en hulle toue;[e] **19** die
klere[f] van breistof vir diens in
die heiligdom, die heilige kle-
re[g] vir die priester Aäron en die
klere van sy seuns om as pries-
ters te dien.’ ”

**20** Toe het die hele verga-
dering van die kinders van Is-
rael van Moses af weggegaan.
**21** Daarna het hulle gekom,
elkeen wie se hart hom gedring
het,[h] en hulle het, elkeen wie se
gees hom aangedryf het, Jeho-
vah se bydrae vir die werk aan
die tent van samekoms gebring
en vir sy hele bediening en vir
die heilige klere. **22** En hulle
het bly kom, die manne tesame
met die vroue, elkeen wat gewil-
lig van hart was. Hulle het bors-
spelde en oorringe en ringe en
vrouesierade, allerhande goue
voorwerpe, gebring, dit wil sê
elkeen wat vir Jehovah die be-
weegoffer van goud aangebied
het.[i] **23** En almal by wie blou
weefgaring en purperrooige-
kleurde wol en karmosynrooi
stof en fyn linne en bokhaar en
rooigekleurde ramsvelle en rob-
bevelle te vinde was, het dit
gebring.[j] **24** Almal wat die by-
drae van silwer en koper byge-
dra het, het Jehovah se bydrae
gebring, en almal by wie aka-
siahout vir al die dienswerk te
vinde was, het dit gebring.

**HFST. 35**
a Eks 34:32, Ro 2:13, Jak 1:22
b Eks 20:9, Eks 31:15, Le 23:3, De 5:13, Lu 13:14
c Eks 31:14, Nu 15:32, Nu 15:35
d Eks 35:29
e 2Ko 8:12, 2Ko 9:7
f Eks 25:3
g Eks 25:4, Eks 26:7, Eks 36:8
h Eks 25:6, Ps 141:2, Op 5:8
i Eks 28:9, Eks 39:14
j Eks 28:15
k Eks 31:6, Eks 36:1
l Eks 25:10
m Eks 25:13
n Eks 25:17
o Eks 26:31
p Eks 25:23
q Eks 25:30, Le 24:5
r Eks 25:31
s Eks 27:20
t Eks 30:1, Eks 37:25, Eks 40:5, Ps 141:2, Op 5:8

**Tweede kol.**
a Eks 30:34
b Eks 27:1
c Eks 30:18, Eks 38:8
d Eks 27:9
e Eks 27:19
f Eks 31:10, Eks 39:41
g Eks 39:1
h Eks 25:2, Eks 36:2, 2Ko 8:12, 2Ko 9:7
i Eks 38:24
j Eks 25:4

**25** En al die vroue wat wys
van hart was,[a] het met hulle
hande gespin, en hulle het die
blou weefgaring en die pur-
perrooigekleurde wol, die kar-
mosynrooi stof en die fyn lin-
ne as gare bly bring. **26** En al
die vroue wie se hart hulle met
wysheid gedring het, het die
bokhaar gespin.
**27** En die owerstes het oniks-
stene en setstene vir die efod en
die borsstuk[b] gebring, **28** en
die balsemolie en die olie vir
verligting en vir die salfolie en
vir die welriekende reukwerk.[c]
**29** Elke man en vrou wie se
hart hulle aangedryf het om
iets te bring vir al die werk wat
Jehovah deur middel van Moses
beveel het om te doen, het dit
gebring; die kinders van Israel
het 'n vrywillige gawe vir Jeho-
vah gebring.[d]
**30** Toe het Moses vir die kin-
ders van Israel gesê: "Kyk, Je-
hovah het Besa′leël,[e] die seun
van Uri, die seun van Hur, van
die stam Juda, by name ge-
roep. **31** En hy het hom ver-
vul met die gees van God wat
wysheid, begrip en kennis en
elke soort vakmanskap betref,
**32** en om planne te ontwerp,
om in goud en silwer en koper
te werk,[f] **33** en om stene te
bewerk om dit te set en om hout
te bewerk om allerhande kuns-
tige artikels te maak.[g] **34** En
hy het dit in sy hart gegee dat
hy ander moet leer, hy en Oho′-
liab,[h] die seun van Ahi′samag,
van die stam Dan. **35** Hy het
hulle met wysheid van hart ver-
vul[i] om al die werk te doen van
'n vakman en 'n borduurder[j] en
van 'n wewer in blou weefga-
ring en purperrooigekleurde
wol, in karmosynrooi stof en
fyn linne, en van 'n maker van
weefstof, manne wat allerhande
werk doen en planne ontwerp.

**36** "En Besa′leël moet werk,
ook Oho′liab[a] en elke
man wat wys van hart is aan
wie Jehovah wysheid[b] en be-
grip[c] gegee het met betrekking
tot hierdie dinge om te weet
hoe om al die heilige dienswerk
te doen volgens alles wat Jeho-
vah beveel het."[d]
**2** En Moses het Besa′leël en
Oho′liab geroep en elke man
wat wys van hart was in wie
se hart Jehovah wysheid gegee
het,[e] elkeen wie se hart hom ge-
dring het om die werk aan te
pak om dit te doen.[f] **3** Toe
het hulle die hele bydrae[g] voor
Moses weggeneem wat die kin-
ders van Israel gebring het vir
die heilige dienswerk, om dit te
doen, en wat die laasgenoem-
des betref, hulle het nog oggend
na oggend vir hom 'n vrywillige
gawe gebring.
**4** En al die wyses wat be-
sig was om al die heilige werk
te doen, het begin kom, die een
man na die ander, van die werk
af waarmee hulle besig was,
**5** en het vir Moses gesê: "Die
volk bring baie meer as wat no-
dig is vir die diens, om die werk
te doen wat Jehovah beveel
het." **6** Toe het Moses beveel
dat hulle 'n aankondiging deur
die kamp moet laat gaan en sê:
"Manne en vroue, moenie nog
materiaal vir die heilige bydrae
vervaardig nie." So is die volk
daarvan weerhou om dit in te
bring. **7** En die materiaal was
genoeg vir al die werk wat ge-
doen moes word, ja, oorgenoeg.
**8** En al die wyses van hart[h]
onder diegene wat die werk
gedoen het, het die taberna-
kel,[i] die tien tentdoeke van fyn
gedraaide linnedraad en blou
weefgaring en purperrooige-
kleurde wol en karmosynrooi
stof gemaak; met gerubs, die

**HFST. 35**
a Eks 28:3, Eks 31:6, Eks 36:8
b Eks 28:15, Eks 28:29, Eks 28:30, Eks 39:15, Eks 39:21
c Eks 30:23, Eks 30:34
d Eks 36:5, Esr 2:68, 2Ko 9:7
e Eks 31:2
f Eks 31:4
g Eks 31:5
h Eks 31:6, Eks 36:1
i Eks 31:3
j Eks 26:1

**Tweede kol.**

**HFST. 36**
a Eks 31:6
b 1Kn 4:29, Spr 2:6, 2Pe 3:15
c Job 32:8
d Eks 25:9, Eks 39:1
e Eks 28:3, Eks 31:6, Eks 35:10
f Eks 35:21, Eks 35:26
g Eks 35:5, Spr 3:9, 2Ko 9:7
h Eks 31:6
i Eks 25:9, Eks 39:32, Heb 9:9

werk van ’n borduurder, het
hy dit gemaak. **9** Die lengte
van elke tentdoek was agt-en-
twintig el, en die breedte van
elke tentdoek vier el. Daar was
een maat vir al die tentdoe-
ke. **10** Toe het hy vyf tent-
doeke aanmekaargevoeg,[a] en
die vyf ander tentdoeke het hy
aanmekaargevoeg. **11** Daar-
na het hy lissies van blou weef-
garing aan die rand van die
een tentdoek gemaak by die
ent waar dit saamgevoeg moes
word. Hy het dieselfde gedoen
aan die rand van die buitenste
tentdoek by die ander plek waar
hulle saamgevoeg moes word.[b]
**12** Hy het vyftig lissies aan die
een tentdoek gemaak, en hy
het vyftig lissies aan die verste
punt van die tentdoek gemaak
by die ander plek waar hulle
saamgevoeg moes word, sodat
die lissies teenoor mekaar was.[c]
**13** Uiteindelik het hy vyftig
goue hakies gemaak en die tent-
doeke met die hakies aanme-
kaargevoeg, sodat dit een taber-
nakel geword het.[d]

**14** En hy het tentdoeke van
bokhaar gemaak vir die tent
oor die tabernakel. Hy het elf
tentdoeke gemaak.[e] **15** Die
lengte van elke tentdoek was
dertig el, en die breedte van
elke tentdoek vier el. Daar was
een maat vir die elf tentdoeke.[f]
**16** Toe het hy vyf tentdoeke af-
sonderlik aanmekaargevoeg en
die ses ander tentdoeke af-
sonderlik.[g] **17** Daarop het hy
vyftig lissies aan die rand van
die buitenste tentdoek gemaak
waar hulle saamgevoeg moes
word, en hy het vyftig lissies
aan die rand van die ander tent-
doek gemaak wat daarby aan-
sluit.[h] **18** Daarna het hy vyf-
tig koperhakies gemaak om die
tent saam te voeg om een ge-
heel te word.[i]

**19** En hy het ’n bedekking
vir die tent uit rooigekleurde
ramsvelle gemaak en ’n bedek-
king van robbevelle[a] daar bo-
oor.[b]

**20** Toe het hy die regop-
staande paneelrame vir die ta-
bernakel van akasiahout[c] ge-
maak. **21** Tien el was die
lengte van ’n paneelraam, en
anderhalf el die breedte van
elke paneelraam.[d] **22** Elke
paneelraam het twee tappe ge-
had wat met mekaar verbind
was. So het hy met al die pa-
neelrame van die tabernakel ge-
doen.[e] **23** Hy het dus die pa-
neelrame vir die tabernakel
gemaak, twintig paneelrame
vir die kant na die Negeb, na die
suide toe.[f] **24** En hy het veer-
tig silwervoetstukke gemaak
vir onder die twintig paneelra-
me, twee voetstukke onder die
een paneelraam met sy twee
tappe en twee voetstukke on-
der die ander paneelraam met
sy twee tappe.[g] **25** En vir die
ander kant van die tabernakel,
die noordekant, het hy twintig
paneelrame gemaak[h] **26** en
hulle veertig silwervoetstukke,
twee voetstukke onder die een
paneelraam en twee voetstuk-
ke onder die ander paneelraam.[i]

**27** En vir die agterste ge-
deeltes van die tabernakel, na
die weste toe, het hy ses pa-
neelrame gemaak.[j] **28** En hy
het twee paneelrame gemaak
as hoekstutte van die taberna-
kel aan sy twee agterste ge-
deeltes.[k] **29** En hulle was
presies dieselfde aan die on-
derkant, en tesame was hul-
le presies dieselfde tot aan die
bokant van elkeen by die eer-
ste ring. So het hy met al twee
gedoen, met die twee hoekstut-
te.[l] **30** Daar was dus agt pa-
neelrame en sestien silwervoet-
stukke, twee voetstukke langs

**HFST. 36**
a Eks 26:3
b Eks 26:4
c Eks 26:5
d Eks 26:6; Heb 8:5; Heb 9:9
e Eks 25:4; Eks 26:7
f Eks 26:8
g Eks 26:9
h Eks 26:10
i Eks 26:11

**Tweede kol.**
a Eks 25:5
b Eks 26:14
c Eks 25:10; Eks 25:23; Eks 26:15; Eks 27:1; Eks 30:5; Eks 36:36
d Eks 26:16
e Eks 26:17
f Eks 26:18
g Eks 26:19
h Eks 26:20
i Eks 26:21
j Eks 26:22
k Eks 26:23
l Eks 26:24

twee voetstukke onder elke pa-
neelraam.[a]
**31** En hy het stawe van aka-
siahout gemaak, vyf vir die pa-
neelrame van die een kant van
die tabernakel[b] **32** en vyf sta-
we vir die paneelrame van die
ander kant van die tabernakel
en vyf stawe vir die paneelra-
me van die tabernakel vir die
twee agterste gedeeltes, na die
weste toe.[c] **33** Toe het hy die
middelste staaf gemaak dat dit
in die middel van die paneelra-
me dwarsdeur loop van die een
ent tot die ander.[d] **34** En hy
het die paneelrame met goud
oorgetrek, en hy het hulle ringe
van goud gemaak as houers vir
die stawe, en hy het die stawe
met goud oorgetrek.[e]
**35** En hy het 'n voorhangsel[f]
gemaak van blou weefgaring
en purperrooigekleurde wol en
karmosynrooi stof en fyn ge-
draaide linnedraad. As die
werk van 'n borduurder het
hy dit met gerubs gemaak.[g]
**36** Toe het hy vier akasiahout-
pilare daarvoor gemaak en hul-
le met goud oorgetrek; hul-
le penne was van goud; en hy
het vier silwervoetstukke daar-
voor gegiet.[h] **37** En hy het 'n
skerm vir die ingang van die
tent gemaak van blou weef-
garing en purperrooigekleurde
wol en karmosynrooi stof en
fyn gedraaide linnedraad, die
werk van 'n wewer,[i] **38** en sy
vyf pilare en hulle penne. En
hy het hulle kopstukke en ver-
bindingstukke met goud oorge-
trek, maar hulle vyf voetstuk-
ke was van koper.[j]

**37** Besa'leël[k] het toe die
Ark[l] van akasiahout ge-
maak. Twee en 'n half el was sy
lengte, en anderhalf el sy breed-
te, en anderhalf el sy hoogte.[m]
**2** Toe het hy dit binne en bui-
te met suiwer goud oorgetrek
en daarvoor 'n goue rand rond-
om gemaak.[a] **3** Daarna het
hy vier goue ringe daarvoor ge-
giet, vir bo sy vier pote, met
twee ringe aan sy een kant en
twee ringe aan sy ander kant.[b]
**4** Daarop het hy draaghoute
van akasiahout gemaak en hul-
le met goud oorgetrek.[c] **5** Toe
het hy die draaghoute deur die
ringe aan weerskante van die
Ark gesteek om die Ark te dra.[d]
**6** En hy het die deksel[e] van
suiwer goud gemaak. Twee en
'n half el was sy lengte, en an-
derhalf el sy breedte.[f] **7** Hy
het verder twee gerubs van
goud gemaak. Van dryfwerk
het hy hulle gemaak, aan beide
ente van die deksel.[g] **8** Een
gerub was aan daardie ent en
die ander gerub aan hierdie ent.
Hy het die gerubs op die dek-
sel aan beide ente daarvan ge-
maak.[h] **9** En hulle was gerubs
wat twee vlerke na bo uitge-
sprei het en die deksel met hul-
le vlerke beskut het,[i] en hulle
gesigte was na mekaar toe. Die
gesigte van die gerubs was na
die deksel gekeer.[j]
**10** En hy het die tafel van
akasiahout gemaak.[k] Twee el
was sy lengte, en 'n el sy breed-
te, en anderhalf el sy hoogte.[l]
**11** Toe het hy dit met suiwer
goud oorgetrek en daarvoor 'n
goue rand rondom gemaak.[m]
**12** Daarna het hy daarvoor 'n
lys van 'n handbreedte rond-
om gemaak en 'n goue rand
vir die lys daarvan rondom ge-
maak.[n] **13** Verder het hy vier
goue ringe daarvoor gegiet en
die ringe vasgesit aan die vier
hoeke wat vir die vier pote
was.[o] **14** Die ringe was naby
die lys, as houers vir die draag-
houte om die tafel te dra.[p]
**15** Toe het hy die draaghoute

**HFST. 36**
a Eks 26:25
b Eks 26:26
c Eks 26:27
d Eks 26:28
e Eks 26:29
f Eks 26:31, Eks 40:21, Heb 10:20
g Ge 3:24
h Eks 26:32
i Eks 26:36
j Eks 26:37

**HFST. 37**
k Eks 31:2, Eks 38:22
l Eks 40:3, Nu 10:33
m Eks 25:10

**Tweede kol.**
a Eks 25:11, Heb 9:4
b Eks 25:12
c Eks 25:13, 2Kr 5:9
d Eks 25:14, Jos 3:8
e Le 16:2, Le 16:14, 1Kr 28:11
f Eks 25:17
g Eks 25:18, Eks 40:20
h Eks 25:19
i Ge 3:24, Eks 25:20, Heb 9:5
j 1Sa 4:4, Ps 80:1
k Eks 35:13, Eks 40:4
l Eks 25:23
m Eks 25:24
n Eks 25:25
o Eks 25:26
p Eks 25:27

van akasiahout gemaak en hul-
le met goud oorgetrek om die
tafel te dra.[a] **16** Daarna het
hy die voorwerpe wat op die
tafel is, sy skottels en sy be-
kers en sy bakke en sy kanne
waarmee drankoffers uitgegiet
sou word, van suiwer goud ge-
maak.[b]
**17** Toe het hy die lampstaan-
der[c] van suiwer goud gemaak.
Van dryfwerk het hy die lamp-
staander gemaak. Sy kante en
sy arms, sy kelke, sy knop-
pe en sy bloeisels het daar-
uit voortgekom.[d] **18** En ses
arms het uit sy kante gekom,
drie arms van die lampstaan-
der uit sy een kant en drie arms
van die lampstaander uit sy
ander kant.[e] **19** Drie kelke in
die vorm van amandelblomme
was aan die een stel arms, met
knoppe en bloeisels wat mekaar
afwissel; en drie kelke in die
vorm van amandelblomme was
aan die ander stel arms, met
knoppe en bloeisels wat me-
kaar afwissel. So was dit vir die
ses arms wat uit die lampstaan-
der uitgekom het.[f] **20** En aan
die lampstaander was daar vier
kelke in die vorm van amandel-
blomme, met sy knoppe en sy
bloeisels wat mekaar afwissel.[g]
**21** En die knop onder twee
arms het daaruit gekom, en die
knop onder twee ander arms
het daaruit gekom, en die knop
onder nog twee arms het daar-
uit gekom, vir die ses arms wat
uit die lampstaander uitkom.[h]
**22** Hulle knoppe en hulle arms
het daaruit voortgekom. Alles
was een stuk dryfwerk, van sui-
wer goud.[i] **23** Toe het hy sy
sewe lampe en sy snuiters en sy
vuurbakkies van suiwer goud
gemaak.[j] **24** Van 'n talent sui-
wer goud het hy dit en al sy
voorwerpe gemaak.
**25** Hy het toe die reukal-
taar[a] van akasiahout gemaak.[b]
'n El was sy lengte en 'n el sy
breedte, vierkantig, en twee el
was sy hoogte. Sy horings het
daaruit voortgekom.[c] **26** Toe
het hy dit met suiwer goud oor-
getrek, sy bovlak en sy kante
rondom en sy horings, en hy het
daarvoor 'n goue rand rondom
gemaak.[d] **27** En hy het twee
goue ringe daarvoor gemaak,
onder sy rand, aan twee van
sy kante, aan twee teenoorge-
stelde kante, as houers vir die
draaghoute om dit mee te dra.[e]
**28** Daarna het hy die draag-
houte van akasiahout gemaak
en hulle met goud oorgetrek.[f]
**29** Hy het boonop die heilige
salfolie[g] en die suiwer, welrie-
kende reukwerk[h] gemaak, die
werk van 'n salfmaker.

**38** En hy het die brandoffer-
altaar van akasiahout ge-
maak. Vyf el was sy lengte,
en vyf el sy breedte, vierkan-
tig, en drie el was sy hoogte.[i]
**2** Toe het hy sy horings[j] op sy
vier hoeke gemaak. Sy horings
het daaruit voortgekom. Daar-
op het hy dit met koper oorge-
trek.[k] **3** Daarna het hy al die
voorwerpe van die altaar ge-
maak, die kanne en die skop-
pe en die bakke, die vurke en
die vuurbakke. Al sy voorwerpe
het hy van koper gemaak.[l]
**4** Hy het verder 'n rooster vir
die altaar gemaak, 'n netwerk
van koper, onder sy lys, onder-
aan naby die middel.[m] **5** Toe
het hy vier ringe aan die vier
hoeke naby die koperrooster ge-
giet, as houers vir die draag-
houte. **6** Daarna het hy die
draaghoute van akasiahout ge-
maak en hulle met koper oorge-
trek.[n] **7** Toe het hy die draag-
houte in die ringe aan die kante
van die altaar gesteek om dit

**HFST. 37**
a Eks 25:28
b Eks 25:29 Jer 52:19
c Eks 40:24 Le 24:4 2Kr 13:11
d Eks 25:31
e Eks 25:32
f Eks 25:33
g Eks 25:34
h Eks 25:35
i Eks 25:36
j Eks 25:37 Eks 25:38 Nu 8:2

**Tweede kol.**
a Eks 30:7 Eks 39:38 Ps 141:2 Lu 1:10 Op 8:3
b Eks 30:1 Eks 40:5
c Eks 30:2
d Eks 30:3
e Eks 30:4
f Eks 30:5
g Eks 30:25 Eks 30:33 Eks 40:9 1Kr 9:30 Ps 45:7 Heb 1:9
h Eks 30:35 Ps 141:2 Op 5:8

**HFST. 38**
i Eks 27:1 Eks 40:10 Heb 13:10
j Eks 27:2
k 2Kr 1:5
l Eks 27:3
m Eks 27:4
n Eks 27:6

mee te dra.[a] Hy het dit 'n hol kis
van planke gemaak.[b]
**8** Toe het hy die koperkom[c]
en sy kopervoetstuk gemaak,
deur die spieëls te gebruik van
die diensdoende vroue wat ge-
organiseerde diens by die in-
gang van die tent van same-
koms verrig het.[d]
**9** En hy het die voorhof ge-
maak.[e] Vir die kant na die Ne-
geb, na die suide toe, was die
behangsels van die voorhof van
fyn gedraaide linnedraad, hon-
derd el.[f] **10** Hulle twintig pila-
re en hulle twintig voetstukke
was van koper. Die penne
van die pilare en hulle ver-
bindingstukke was van sil-
wer.[g] **11** Ook vir die noorde-
kant was daar honderd el. Hulle
twintig pilare en hulle twin-
tig voetstukke was van koper.
Die penne van die pilare en
hulle verbindingstukke was van
silwer.[h] **12** Maar vir die wes-
tekant was die behangsels vyf-
tig el. Hulle pilare was tien en
hulle voetstukke was tien.[i] Die
penne van die pilare en hulle
verbindingstukke was van sil-
wer. **13** En vir die oostekant,
teen die sonsopgang, was daar
vyftig el.[j] **14** Die behangsels
was vyftien el aan die een vleu-
el. Hulle pilare was drie en hulle
voetstukke was drie.[k] **15** En
vir die ander vleuel, aan weers-
kante van die poort van die
voorhof, was die behangsels
vyftien el. Hulle pilare was drie
en hulle voetstukke was drie.[l]
**16** Al die behangsels van die
voorhof rondom was van fyn ge-
draaide linnedraad. **17** En die
voetstukke vir die pilare was
van koper. Die penne van die pi-
lare en hulle verbindingstukke
was van silwer en die oortrek-
sel van hulle kopstukke was van
silwer, en daar was silwerver-
bindingstukke vir al die pilare
van die voorhof.[a]
**18** En die skerm van die
poort van die voorhof was die
werk van 'n wewer, van blou
weefgaring en purperrooige-
kleurde wol en karmosynrooi
stof en fyn gedraaide linne-
draad,[b] en die lengte was twin-
tig el, en die hoogte oor sy
hele lengte was vyf el, net soos
die behangsels van die voorhof.[c]
**19** En hulle vier pilare en hulle
vier voetstukke was van koper.
Hulle penne was van silwer en
die oortreksel van hulle kop-
stukke en hulle verbindingstuk-
ke was van silwer. **20** En al
die tentpenne vir die taberna-
kel en vir die voorhof rondom
was van koper.[d]
**21** Die volgende is die dinge
wat opgeneem is in die inven-
taris van die tabernakel, die ta-
bernakel van die Getuienis,[e] die
inventaris wat op bevel van Mo-
ses opgestel is, as die diens van
die Leviete[f] onder die leiding
van I'tamar,[g] die seun van die
priester Aäron. **22** En Besa'-
leël,[h] die seun van Uri, die seun
van Hur, van die stam Juda,
het alles gedoen wat Jehovah
Moses beveel het. **23** En saam
met hom was Oho'liab,[i] die seun
van Ahi'samag, van die stam
Dan, 'n vakman en borduurder
en wewer in die blou weefga-
ring en die purperrooigekleur-
de wol en karmosynrooi stof en
fyn linne.
**24** Al die goud wat vir die
werk gebruik is, by al die werk
van die heiligdom, het op die
bedrag van die goud van die
beweegoffer[j] te staan gekom,
nege-en-twintig talente en se-
wehonderd-en-dertig sikkels
volgens die sikkel[k] van die hei-
ligdom.[l] **25** En die silwer van
die geregistreerdes van die ver-
gadering was honderd talente

**HFST. 38**
a Eks 27:7
b Eks 27:8
c Eks 30:18; Eks 31:9; Eks 40:7; Le 8:11; 1Kn 7:23
d 1Sa 2:22
e Eks 40:8; Ps 84:2; Ps 92:13
f Eks 27:9
g Eks 27:10; Nu 3:37
h Eks 27:11
i Eks 27:12
j Eks 27:13
k Eks 27:14
l Eks 27:15

**Tweede kol.**
a Eks 27:17
b Eks 35:6
c Eks 27:16
d Eks 27:19
e Eks 25:16; Eks 31:18; Eks 34:29; Nu 17:7
f Nu 3:6; Nu 4:47
g Eks 6:23; Nu 4:28; 1Kr 6:3
h Eks 31:2; Eks 35:30; Eks 36:1; Eks 37:1; 2Kr 1:5
i Eks 31:6; Eks 35:34; Eks 36:2
j Eks 35:22
k Eks 30:13; Nu 3:47; Nu 18:16
l Le 5:15; Le 27:3

en duisend-sewehonderd-vyf-
en-sewentig sikkels volgens
die sikkel van die heiligdom.
**26** Die halfsikkel vir 'n persoon
was die helfte van 'n sikkel vol-
gens die sikkel van die heilig-
dom, vir elke man wat na die
geregistreerdes oorgegaan het,
van twintig jaar en ouer,[a] alte-
saam seshonderd-en-driedui-
send-vyfhonderd-en-vyftig.[b]

**27** En honderd talente silwer
is gebruik om die voetstukke
van die heiligdom en die voet-
stukke van die voorhangsel te
giet. Honderd voetstukke was
gelyk aan honderd talente, 'n
talent vir 'n voetstuk.[c] **28** En
van die duisend-sewehonderd-
vyf-en-sewentig sikkels het hy
penne vir die pilare gemaak en
hulle kopstukke oorgetrek en
hulle met mekaar verbind.

**29** En die koper van die be-
weegoffer was sewentig talen-
te en tweeduisend-vierhonderd
sikkels. **30** En hiermee het hy
die voetstukke van die ingang
van die tent van samekoms ge-
maak en die koperaltaar en die
koperrooster wat daarby be-
hoort, en al die voorwerpe van
die altaar, **31** en die voetstuk-
ke van die voorhof rondom, en
die voetstukke van die poort
van die voorhof, en al die tent-
penne van die tabernakel en al
die tentpenne[d] van die voorhof
rondom.

**39** En van die blou weef-
garing en purperrooige-
kleurde wol en karmosynrooi
stof[e] het hulle klere[f] van brei-
stof gemaak vir diens in die hei-
ligdom.[g] So het hulle die heili-
ge klere[h] vir Aäron gemaak, net
soos Jehovah Moses beveel het.

**2** Gevolglik het hy die efod[i]
gemaak van goud, blou weef-
garing en purperrooigekleurde
wol en karmosynrooi stof en fyn
gedraaide linnedraad. **3** Toe
het hulle goue plate tot dun
blaaie uitgeslaan, en hy het dra-
de uitgesny om tussen die blou
weefgaring en die purperrooi-
gekleurde wol en karmosyn-
rooi stof en die fyn linne in te
werk, as die werk van 'n bor-
duurder.[a] **4** Hulle het daar-
voor skouerstukke gemaak wat
saamgevoeg is. Aan die twee
ente daarvan is dit saamgevoeg.
**5** En die gordel, wat daaraan
was om dit styf vas te bind, was
van dieselfde stof, op dieself-
de manier gemaak, van goud,
blou weefgaring en purperrooi-
gekleurde wol en karmosynrooi
stof en fyn gedraaide linne-
draad,[b] net soos Jehovah Moses
beveel het.

**6** Toe het hulle die oniks-
stene[c] gemaak, geset in goue
monterings, gegraveer met seël-
graveerwerk volgens die name
van die kinders van Israel.[d]
**7** Toe het hy hulle op die skou-
erstukke van die efod gesit as
gedagtenisstene[e] vir die kin-
ders van Israel, net soos Jeho-
vah Moses beveel het. **8** Daar-
na het hy die borsstuk gemaak,[f]
soos die werk van 'n borduurder,
soos die efod gemaak is, van
goud, blou weefgaring en pur-
perrooigekleurde wol en karmo-
synrooi stof en fyn gedraaide
linnedraad.[g] **9** Dit was vier-
kantig wanneer dit dubbel ge-
vou was. Hulle het die bors-
stuk gemaak, 'n span lank en 'n
span breed, wanneer dit dubbel
gevou was.[h] **10** Toe het hulle
dit met vier rye stene gevul. 'n
Ry van robyn, topaas en smarag
was die eerste ry.[i] **11** En die
tweede[j] ry: turkoois, saffier[k] en
jaspis.[l] **12** En die derde[m] ry:
*lesj'em*-steen, agaat en ametis.
**13** En die vierde[n] ry: chriso-
liet en oniks[o] en niersteen. Hul-
le is in goue monterings geset.

**HFST. 38**
a Eks 30:15
b Eks 12:37; Nu 1:46
c Eks 26:19; Eks 26:25; Eks 26:32
d Eks 27:19

**HFST. 39**
e Eks 25:4; Eks 35:23
f Eks 29:5; Eks 31:10; Eks 35:19
g Eks 25:8; Le 16:2
h Eks 28:4
i Eks 25:7; Eks 28:6; Le 8:7

**Tweede kol.**
a Eks 26:1; Eks 36:8
b Eks 28:8; Eks 29:5; Jes 11:5
c Eks 25:7; Eks 35:9
d Eks 1:1; Eks 28:9; Eks 28:10
e Eks 28:12
f Eks 25:7; Le 8:8
g Eks 28:15
h Eks 28:16
i Eks 28:17
j Eks 28:18
k Job 28:6
l Op 4:3
m Eks 28:19
n Eks 28:20
o Ge 2:12; 1Kr 29:2

**14** En die stene was volgens die
name van die kinders van Is-
rael. Hulle was twaalf volgens
hulle name, met seëlgraveer-
werk gedoen, elkeen volgens sy
naam, vir die twaalf stamme.[a]

**15** En hulle het aan die bors-
stuk gedraaide kettinkies ge-
maak, gedraai soos ’n tou, van
suiwer goud.[b] **16** Toe het hul-
le twee goue monterings en twee
goue ringe gemaak en die twee
ringe aan die twee ente van
die borsstuk gesit.[c] **17** Daar-
na het hulle die twee goue tou-
tjies deur die twee ringe aan die
ente van die borsstuk gesteek.[d]
**18** En hulle het die twee ente
van die twee toutjies deur die
twee monterings gesteek. Toe
het hulle dié aan die skouerstuk-
ke van die efod vasgesit, aan die
voorkant daarvan.[e] **19** Daar-
na het hulle twee goue ringe ge-
maak en hulle aan die twee
ente van die borsstuk vasgesit,
aan die binnerand wat na die
efod gekeer is.[f] **20** Toe het hul-
le twee goue ringe gemaak en
hulle onderaan die twee skou-
erstukke van die efod vasge-
sit, aan die voorkant daarvan,
naby die plek waar dit saamge-
voeg was, bo die gordel van die
efod.[g] **21** Uiteindelik het hul-
le die borsstuk met sy ringe aan
die ringe van die efod vasgebind
met ’n blou toutjie, sodat dit bo
die gordel van die efod sou bly
en die borsstuk nie van die efod
sou afskuif nie, net soos Jeho-
vah Moses beveel het.[h]

**22** Toe het hy die moulose
oorkleed[i] van die efod gemaak,
die werk van ’n wewer, heel-
temal van blou weefgaring.
**23** En die opening van die mou-
lose oorkleed was in die middel
daarvan, soos die opening van
’n pantser. Die opening het ’n
rand rondom gehad sodat dit
nie kon skeur nie.[a] **24** Toe het
hulle aan die soom van die
moulose oorkleed granaatjies
gemaak van blou weefgaring
en purperrooigekleurde wol en
karmosynrooi stof, wat inme-
kaargedraai was.[b] **25** Verder
het hulle klokkies van suiwer
goud gemaak en die klokkies
tussen die granaatjies[c] gesit,
aan die soom van die moulo-
se oorkleed rondom, tussen die
granaatjies; **26** ’n klokkie en
’n granaatjie, ’n klokkie en ’n
granaatjie, aan die soom van
die moulose oorkleed rondom,[d]
vir die diens, net soos Jehovah
Moses beveel het.

**27** Daarna het hulle die kle-
re van fyn linne gemaak,[e] die
werk van ’n wewer, vir Aäron
en sy seuns, **28** en die tul-
band[f] van fyn linne en die sierli-
ke hoofbedekkings[g] van fyn lin-
ne en die linnebroeke[h] van fyn
gedraaide linnedraad, **29** en
die lyfband[i] van fyn gedraaide
linnedraad en blou weefgaring
en purperrooigekleurde wol en
karmosynrooi stof, die werk
van ’n wewer, net soos Jehovah
Moses beveel het.

**30** Uiteindelik het hulle die
blink plaat, die heilige toewy-
dingsteken, van suiwer goud ge-
maak en ’n opskrif met seël-
graveerwerk daarop gegraveer:
“Heiligheid behoort aan Jeho-
vah.”[j] **31** Toe het hulle ’n tou-
tjie van blou weefgaring daar-
aan vasgemaak om dit boaan
die tulband vas te sit,[k] net soos
Jehovah Moses beveel het.

**32** So het al die werk vir die
tabernakel van die tent van sa-
mekoms tot voltooiing gekom,
deurdat die kinders van Israel
bly doen het volgens alles wat
Jehovah Moses beveel het.[l] Hul-
le het net so gedoen.

**33** En hulle het die taberna-
kel[m] na Moses toe gebring, die

HFST. 39
a Eks 28:21
b Eks 28:22
c Eks 28:23
d Eks 28:24
e Eks 28:25
f Eks 28:26
g Eks 28:27
h Eks 28:28
i Eks 28:31, Le 8:7, Jes 61:10

Tweede kol.
a Eks 28:32
b Eks 28:33
c 2Kn 25:17
d Eks 28:34
e Eks 28:39, Le 8:7, Le 8:13, Op 19:8
f Eks 28:4, Eks 28:39
g Eks 28:40, Eks 29:9, Le 8:13
h Eks 28:42, Ese 44:18
i Eks 28:4, Eks 28:39, Jes 11:5
j Eks 28:36, Le 8:9, Sag 14:20
k Eks 28:37
l Eks 25:40, Heb 8:5
m Eks 36:8

tent[a] en al sy voorwerpe,[b] sy
hakies,[c] sy paneelrame,[d] sy sta-
we[e] en sy pilare en sy voetstuk-
ke,[f] **34** en sy bedekking van
rooigekleurde[g] ramsvelle en sy
bedekking van robbevelle[h] en
die voorhangsel wat as skerm
dien,[i] **35** en die ark[j] van die
getuienis en sy draaghoute[k] en
die deksel,[l] **36** die tafel,[m] al
sy voorwerpe[n] en die toonbro-
de, **37** die lampstaander[o] van
suiwer goud, sy lampe, die ry
lampe,[p] en al sy voorwerpe[q] en
die olie vir verligting,[r] **38** en
die goue altaar[s] en die salfolie[t]
en die welriekende reukwerk[u]
en die skerm[v] vir die ingang
van die tent, **39** die koperal-
taar[w] en die koperrooster[x] wat
daarby behoort het, sy draag-
houte[y] en al sy voorwerpe,[z] die
kom[a] en sy voetstuk,[b] **40** die
behangsels[c] van die voorhof, sy
pilare[d] en sy voetstukke[e] en
die skerm[f] vir die poort van
die voorhof, sy tenttoue[g] en sy
tentpenne[h] en al die voorwerpe[i]
vir die bediening van die taber-
nakel, vir die tent van same-
koms, **41** die klere[j] van brei-
stof vir diens in die heiligdom,
die heilige[k] klere vir die pries-
ter Aäron en die klere van sy
seuns om as priesters te dien.[l]

**42** Volgens alles wat Jehovah
Moses beveel het, so het die kin-
ders van Israel al die dienswerk
verrig.[m] **43** En Moses het al
die werk gesien, en kyk! hulle
het dit gedoen net soos Jehovah
beveel het. So het hulle dit ge-
doen. Gevolglik het Moses hulle
geseën.[n]

**40** Toe het Jehovah met Mo-
ses gepraat en gesê:
**2** “Op die dag van die eerste
maand,[o] op die eerste van die
maand, moet jy die tabernakel
van die tent van samekoms op-
rig.[p] **3** En jy moet die ark van
die getuienis[q] daarin sit en toe-
gang tot die Ark met die voor-
hangsel afsluit.[a] **4** En jy moet
die tafel[b] inbring en sy rang-
skikking in orde bring, en jy
moet die lampstaander[c] inbring
en sy lampe opsteek.[d] **5** En jy
moet die goue reukaltaar[e] voor
die ark van die getuienis sit en
die skerm van die ingang vir die
tabernakel op sy plek ophang.[f]

**6** “En jy moet die brandoffer-
altaar[g] voor die ingang van die
tabernakel van die tent van sa-
mekoms sit, **7** en jy moet die
kom tussen die tent van same-
koms en die altaar sit en wa-
ter daarin gooi.[h] **8** En jy moet
die voorhof[i] rondom oprig en
die skerm[j] van die poort van die
voorhof ophang. **9** En jy moet
die salfolie[k] neem en die taber-
nakel salf en alles wat daarin
is,[l] en jy moet dit en al sy
voorwerpe heilig, en so moet
dit iets heiligs word. **10** En jy
moet die brandofferaltaar en al
sy voorwerpe salf en die altaar
heilig,[m] en so moet dit ’n hoog-
heilige altaar word.[n] **11** En jy
moet die kom en sy voetstuk
salf en dit heilig.

**12** “Dan moet jy Aäron en
sy seuns laat nader kom na
die ingang van die tent van
samekoms en hulle met water
was.[o] **13** En jy moet vir Aäron
die heilige klere[p] aantrek en
hom salf[q] en hom heilig, en
so moet hy my as priester dien.
**14** Daarna moet jy sy seuns laat
nader kom en vir hulle die klere
aantrek.[r] **15** En jy moet hulle
salf net soos jy hulle vader ge-
salf het,[s] en so moet hulle my as
priesters dien, en hulle salwing
sal voortdurend vir hulle dien
as ’n priesterskap tot onbepaal-
de tyd in hulle geslagte.”[t]

**HFST. 39**

a Eks 36:14
b Eks 31:7
c Eks 36:18
d Eks 36:20
e Eks 36:31
f Eks 36:24
g Eks 36:19
h Eks 26:14
i Eks 36:35
j Eks 37:1
k Eks 37:4
l Eks 37:6
m Eks 37:10
n Eks 37:16
o Eks 37:17
p Eks 37:23
q Eks 25:38
r Eks 35:28
s Eks 37:25
t Eks 37:29
u Eks 30:35
v Eks 36:37
w Eks 38:1
x Eks 38:4
y Eks 38:6
z Eks 38:30
a Eks 38:8
b Eks 30:18
c Eks 38:9
d Eks 38:10
e Eks 38:11
f Eks 38:18
g Eks 35:18
h Eks 38:20
i Eks 27:19
j Eks 31:10
k Eks 28:3
l Eks 35:19
m Eks 35:10; Eks 36:1
n Le 9:23; Nu 6:23; Jos 22:6; 1Kn 8:14; 2Kr 30:27

**HFST. 40**

o Eks 12:2; Eks 34:18; Est 3:7
p Nu 7:1
q Eks 25:21

**Tweede kol.**

a Nu 4:5; Heb 9:3; Heb 10:20
b Eks 26:35
c Eks 25:31; Heb 9:2
d Eks 25:37
e Eks 30:1; Ps 141:2; Lu 1:10; Op 5:8
f Eks 26:36; Eks 39:38
g Eks 38:1; 1Ko 10:18; Heb 13:10
h Eks 30:18
i Eks 27:9
j Eks 27:16; Eks 38:18
k Eks 30:25; Heb 1:9

l Le 8:10; Nu 7:1; m Eks 29:36; Le 8:11; n Eks 29:37; o Le 8:6; Ef 5:26; Heb 7:28; p Eks 29:5; Le 8:7; q Le 8:12; Ps 133:2; Han 10:38; r Le 8:13; s Le 8:30; 2Ko 1:21; t Nu 25:13; Heb 7:11; Heb 7:23.

**16** En Moses het gedoen vol-
gens alles wat Jehovah hom
beveel het.[a] Hy het net so ge-
doen.

**17** Gevolglik is die taberna-
kel in die eerste maand, in
die tweede jaar, op die eerste
dag van die maand, opgerig.[b]
**18** Toe Moses die tabernakel op-
rig, het hy sy voetstukke[c] neer-
gesit en sy paneelrame[d] daarop
gesit en sy stawe[e] aangebring
en sy pilare[f] opgerig. **19** Toe
het hy die tent[g] oor die taberna-
kel uitgesprei en die bedekking[h]
van die tent daar bo-oor gesit,
net soos Jehovah Moses beveel
het.

**20** Daarna het hy die Getuie-
nis[i] geneem en dit in die Ark[j]
gesit en die draaghoute[k] van
die Ark ingesteek en die deksel[l]
bo-op die Ark gesit.[m] **21** Toe
het hy die Ark in die taberna-
kel ingebring en die voorhang-
sel[n] wat as skerm dien, op sy
plek opgehang en toegang tot
die ark van die getuienis afge-
sluit,[o] net soos Jehovah Moses
beveel het.

**22** Daarna het hy die tafel[p]
in die tent van samekoms ge-
sit, aan die noordekant van die
tabernakel, buite die voorhang-
sel, **23** en hy het die ry bro-
de[q] daarop gerangskik voor Je-
hovah, net soos Jehovah Moses
beveel het.

**24** Toe het hy die lampstaan-
der[r] in die tent van samekoms
gesit, teenoor die tafel, aan die
suidekant van die tabernakel.
**25** Hy het toe die lampe[s] opge-
steek voor Jehovah, net soos Je-
hovah Moses beveel het.

**26** Daarna het hy die goue
altaar[t] in die tent van same-
koms gesit, voor die voorhang-
sel, **27** om welriekende reuk-
werk daarop te laat rook,[u] net
soos Jehovah Moses beveel het.

**28** Uiteindelik het hy die
skerm[a] van die ingang van die
tabernakel op sy plek opgehang.

**29** En hy het die brandoffer-
altaar[b] by die ingang van die ta-
bernakel van die tent van same-
koms gesit, om die brandoffer[c]
en die graanoffer daarop te of-
fer, net soos Jehovah Moses be-
veel het.

**30** Toe het hy die kom tus-
sen die tent van samekoms en
die altaar gesit en water daarin
gegooi om mee te was.[d] **31** En
Moses en Aäron en sy seuns
het hulle hande en hulle voete
daar gewas. **32** Wanneer hul-
le in die tent van samekoms in-
gegaan het en wanneer hulle
nader gegaan het na die altaar,
het hulle hulle gewas,[e] net soos
Jehovah Moses beveel het.

**33** Laastens het hy die voor-
hof[f] rondom die tabernakel en
die altaar opgerig en die skerm
van die poort van die voorhof
opgehang.[g]

So het Moses die werk vol-
tooi. **34** En die wolk[h] het die
tent van samekoms begin be-
dek, en Jehovah se heerlik-
heid het die tabernakel gevul.
**35** En Moses kon nie in die tent
van samekoms ingaan nie, want
die wolk[i] het daaroor vertoef en
Jehovah se heerlikheid het die
tabernakel gevul.[j]

**36** En wanneer die wolk van
die tabernakel af opgetrek
het, het die kinders van Is-
rael kamp opgebreek geduren-
de al die skofte van hulle reis.[k]
**37** Maar as die wolk nie opge-
trek het nie, dan het hulle
nie kamp opgebreek nie, tot
die dag dat dit opgetrek het.[l]
**38** Want Jehovah se wolk was
bedags oor die tabernakel, en
'n vuur het snags daarop ge-
bly voor die oë van die hele
huis van Israel gedurende al die
skofte van hulle reis.[m]

**HFST. 40**

a Eks 39:43, De 4:2
b Nu 7:1, Nu 9:15
c Eks 36:24
d Eks 26:15
e Eks 36:31
f Eks 35:11
g Eks 26:7, Eks 36:14
h Eks 26:14
i Eks 16:34, Eks 31:18
j Eks 25:22, Eks 37:1
k Eks 37:4, 1Kn 8:8
l Eks 37:6, 1Kr 28:11
m Le 16:2
n Eks 36:35, Heb 10:20
o Heb 9:3, Heb 10:19
p Eks 37:10, Heb 9:2
q Eks 25:30, Mt 12:4
r Eks 37:17
s Eks 25:37, Eks 37:23, Ps 119:105
t Eks 30:1, Eks 37:25
u Eks 30:7, Eks 30:35

**Tweede kol.**

a Eks 26:36, Eks 36:37
b Eks 38:1, Heb 13:10
c Eks 29:38
d Eks 30:18, Heb 10:22
e Eks 30:19
f Eks 27:9, Eks 38:9
g Eks 38:18
h Le 16:2, Nu 9:15, Nu 16:42, 1Kn 8:10, Op 15:8
i Ps 78:14
j Eks 29:43, 2Kr 5:14
k Nu 10:11, Ne 9:19
l Nu 9:17, Nu 9:22
m Eks 13:21, Nu 9:16, Ps 78:14

# LEVITIKUS

**1** En Jehovah het Moses ge-
roep en uit die tent van sa-
mekoms[a] met hom gepraat en
gesê: **2** “Praat met die kin-
ders van Israel,[b] en jy moet vir
hulle sê: ‘As iemand van julle vir
Jehovah ’n offer uit die mak die-
re aanbied, moet julle julle offer
uit die beeste en uit die kleinvee
aanbied.

**3** “‘As sy offer ’n brandoffer[c]
uit die beeste is, moet hy ’n bul
sonder gebrek[d] aanbied. By die
ingang van die tent van same-
koms moet hy dit uit vrye wil
voor Jehovah aanbied.[e] **4** En
hy moet sy hand op die kop van
die brandoffer lê, en dit moet vir
hom goedgunstig aangeneem[f]
word om vir hom versoening te
doen.[g]

**5** “‘Dan moet die jong bul
voor Jehovah geslag word; en
die seuns van Aäron, die pries-
ters,[h] moet die bloed aanbied
en die bloed rondom op die al-
taar sprinkel,[i] wat by die ingang
van die tent van samekoms is.
**6** En die brandoffer moet afge-
slag en in sy dele opgesny word.[j]
**7** En die seuns van Aäron, die
priesters, moet vuur op die al-
taar sit[k] en hout op die vuur
regsit.[l] **8** En die seuns van
Aäron, die priesters, moet die
stukke[m] regsit met die kop en
die niervet op die hout wat op
die vuur op die altaar is. **9** En
sy ingewande[n] en sy pote moet
met water gewas word; en die
priester moet dit alles op die al-
taar laat rook as ’n brandoffer,
’n vuuroffer van ’n rustige geur
aan Jehovah.[o]

**10** “‘En ingeval sy offer as ’n
brandoffer uit die kleinvee[p] is,
uit die jong ramme of die bokke,
moet hy ’n ram[q] sonder gebrek
aanbied.[a] **11** En dit moet aan
die noordekant van die altaar
voor Jehovah geslag word, en
die seuns van Aäron, die pries-
ters, moet die bloed daarvan
rondom op die altaar sprinkel.[b]
**12** En hy moet dit in sy dele op-
sny, met sy kop en sy niervet,
en die priester moet dit regsit
op die hout wat op die vuur op
die altaar is.[c] **13** En hy moet
die ingewande[d] en die pote[e] met
water was; en die priester moet
dit alles aanbied en dit op die al-
taar laat rook.[f] Dit is ’n brand-
offer, ’n vuuroffer van ’n rustige
geur aan Jehovah.[g]

**14** “‘Maar as sy offer as ’n
brandoffer aan Jehovah uit die
voëls is, dan moet hy sy offer uit
die tortelduiwe[h] of die jong dui-
we[i] aanbied. **15** En die pries-
ter moet die voël by die al-
taar aanbied en sy kop afknyp[j]
en hom op die altaar laat rook,
maar sy bloed moet hy teen die
kant van die altaar laat uitloop.
**16** En hy moet sy krop met sy
vere verwyder en dit langs die
altaar gooi, aan die oostekant,
op die plek vir die vetterige as.[k]
**17** En hy moet hom by sy vler-
ke oopskeur. Hy moet hom nie
verdeel[l] nie. Dan moet die pries-
ter hom op die altaar laat rook
op die hout wat op die vuur is.
Dit is ’n brandoffer,[m] ’n vuurof-
fer van ’n rustige geur aan Je-
hovah.[n]

**2** “‘En as ’n siel ’n graanof-
fer[o] as offer vir Jehovah
aanbied, moet sy offer fynmeel
wees;[p] en hy moet olie daar-
oor gooi en wierook daarop sit.
**2** En hy moet dit na die seuns
van Aäron, die priesters, bring,
en die priester moet daarvan ’n
hand vol neem, van die fynmeel

**HFST. 1**

a Eks 40:34; Nu 12:5
b Le 22:18
c Le 12:6; Nu 15:3
d Eks 12:5; Le 22:20; De 15:21; Mal 1:14; Heb 9:14; 1Pe 1:19
e 2Ko 9:7
f Jes 56:7
g Nu 15:25; Ro 3:25; 1Jo 2:2
h Heb 10:11
i Heb 9:13; 1Pe 1:2
j Le 7:8
k Le 6:12
l Ge 22:9; Ne 13:31
m Eks 29:17; Le 9:13; 1Kn 18:23
n Le 8:21; Le 9:14
o Ge 8:21; Eks 29:18; Nu 15:3; Ef 5:2; Flp 4:18
p Ge 4:4
q Le 22:19

**Tweede kol.**

a Le 22:20; Mal 1:14; 1Pe 1:19
b Le 9:12; 2Kr 29:22
c Le 9:13; 1Kn 18:23
d Le 9:14
e Eks 29:17
f Eks 29:18
g Eks 29:41; Le 1:9
h Lu 2:24
i Le 5:7; Le 12:8
j Le 5:8
k Eks 27:3; Le 4:12; Le 6:10
l Ge 15:10
m Ge 8:20; Eks 29:18
n Le 6:21; Nu 28:8

**HFST. 2**

o Le 6:14; Le 9:17; Nu 15:4
p Eks 29:2; Nu 7:13

en die olie, tesame met al die
wierook; en hy moet dit as 'n
gedenkdeel[a] daarvan op die al-
taar laat rook, as 'n vuuroffer
van 'n rustige geur aan Jeho-
vah. **3** En wat van die graan-
offer oorbly, behoort aan Aäron
en sy seuns,[b] as iets hooghei-
ligs[c] van Jehovah se vuuroffers.

**4** "'En as jy as offer 'n graan-
offer aanbied in die vorm van
iets wat in die oond gebak is,
moet dit van fynmeel wees,
ongesuurde ringvormige[d] koe-
ke met olie bevogtig of onge-
suurde[e] platkoeke met olie ge-
smeer.[f]

**5** "'En as jou offer 'n graan-
offer van die bakplaat af is,[g]
moet dit van fynmeel wees
met olie bevogtig, ongesuurd.
**6** Dit moet in stukkies gebreek
word, en jy moet olie daarop
gooi.[h] Dit is 'n graanoffer.

**7** "'En as jou offer 'n graan-
offer uit die diepvetpot is, moet
dit van fynmeel met olie ge-
maak word. **8** En jy moet die
graanoffer wat hiervan gemaak
is, aan Jehovah bring; en dit
moet vir die priester aangebied
word en hy moet dit na die al-
taar bring. **9** En die priester
moet 'n deel van die graanoffer
aflig as 'n gedenkdeel[i] daarvan
en moet dit op die altaar laat
rook, as 'n vuuroffer van 'n rus-
tige geur aan Jehovah.[j] **10** En
wat van die graanoffer oorbly,
behoort aan Aäron en sy seuns,
as iets hoogheiligs van Jehovah
se vuuroffers.[k]

**11** "'Geen graanoffer wat jul-
le vir Jehovah aanbied, moet as
iets gesuurds gemaak word nie,[l]
want julle mag hoegenaamd
geen suurdeeg en geen heuning
as 'n vuuroffer aan Jehovah laat
rook nie.

**12** "'As 'n offer van die eers-
telinge[m] moet julle dit vir Je-
hovah aanbied, en dit mag nie
op die altaar kom as 'n rustige
geur nie.

**13** "'En elke offer van jou
graanoffer moet jy smaaklik
maak met sout;[a] en jy mag die
sout van die verbond[b] van jou
God op jou graanoffer nie laat
ontbreek nie. By al jou offers
moet jy sout aanbied.

**14** "'En as jy die graanoffer
van die eerste ryp vrugte vir
Jehovah aanbied, moet jy groen
are wat oor die vuur gebraai is,
die gebreekte korrels van nuwe
graan, as die graanoffer van
jou eerste ryp vrugte[c] aanbied.
**15** En jy moet olie daarop gooi
en wierook daarop sit. Dit is 'n
graanoffer.[d] **16** En die pries-
ter moet die gedenkdeel[e] daar-
van, dit wil sê 'n deel van die ge-
breekte korrels en olie, tesame
met al die wierook, as 'n vuurof-
fer aan Jehovah laat rook.

**3** "'En as sy offer 'n gemeen-
skapsoffer[f] is, as hy dit uit
die beeste aanbied, hetsy 'n bul
of 'n koei, moet hy een son-
der gebrek[g] voor Jehovah aan-
bied. **2** En hy moet sy hand op
die kop[h] van sy offer lê, en dit
moet by die ingang van die tent
van samekoms geslag word; en
Aäron se seuns, die priesters,
moet die bloed rondom op die
altaar sprinkel. **3** En hy moet
'n deel van die gemeenskapsof-
fer as 'n vuuroffer vir Jeho-
vah aanbied, naamlik die vet[i]
wat die ingewande bedek, ja, al
die vet wat oor die ingewan-
de is,[j] **4** en die twee niere[k] en
die vet wat daaraan is, dié wat
aan die lendene is. En wat die
aanhangsel aan die lewer be-
tref, hy moet dit saam met die
niere verwyder. **5** En Aäron
se seuns[l] moet dit op die al-
taar laat rook,[m] op die brandof-
fer wat op die hout[n] op die vuur
is, as 'n vuuroffer van 'n rustige
geur[o] aan Jehovah.

HFST. 2
a Le 6:15; Nu 5:26
b Le 7:9
c Le 10:12; Nu 18:9
d Eks 29:23; Le 8:26
e Nu 6:19; 1Ko 5:7
f Eks 29:2; Le 7:10; Nu 6:15
g Le 6:21; Le 7:9; 1Kr 23:29
h Nu 28:9
i Le 2:2; Le 5:12
j Eks 29:41; Nu 28:8
k Nu 18:9; Heb 13:10
l Eks 12:19; Le 6:17; Mt 16:12; 1Ko 5:7; Ga 5:9
m Eks 23:19; Nu 15:20; 2Kr 31:5; Spr 3:9; 1Ko 15:20; Op 14:4

Tweede kol.
a Ese 43:24
b Nu 18:19; 2Kr 13:5
c Eks 23:16; Eks 34:22; Nu 28:26
d Jer 17:26; Jer 41:5
e Eks 29:25; Le 5:12

HFST. 3
f Le 22:21
g Nu 6:14
h Eks 29:10; Le 8:18
i Eks 29:13; Le 7:23; Le 7:30; 1Kn 8:64; Ese 44:15
j Le 1:13
k Le 3:15; Le 7:4; Le 8:16
l Nu 3:2; Mal 2:4
m Le 1:9; Le 7:31; Le 9:10
n Le 6:12
o Le 1:17; Le 4:31; Ef 5:2

**6** “‘En as sy offer uit die
kleinvee is as ’n gemeenskaps-
offer aan Jehovah, ’n ram of ’n
ooi, moet hy een sonder gebrek[a]
aanbied. **7** As hy ’n jong ram
as sy offer aanbied, dan moet
hy dit voor Jehovah aanbied.[b]
**8** En hy moet sy hand op die
kop[c] van sy offer lê, en dit moet
voor die tent van samekoms ge-
slag[d] word; en Aäron se seuns
moet die bloed daarvan rondom
op die altaar sprinkel. **9** En
van die gemeenskapsoffer moet
hy die vet as ’n vuuroffer vir
Jehovah aanbied.[e] Die hele vet-
stert[f] moet hy naby die rug-
string verwyder, en die vet wat
die ingewande bedek, ja, al die
vet wat aan die ingewande is,[g]
**10** asook die twee niere en die
vet wat daaraan is, dié wat aan
die lendene is. En wat die aan-
hangsel[h] aan die lewer betref,
hy moet dit saam met die niere
verwyder. **11** En die priester
moet dit op die altaar as voed-
sel[i] laat rook,[j] ’n vuuroffer aan
Jehovah.

**12** “‘En as sy offer ’n bok[k] is,
dan moet hy dit voor Jehovah
aanbied. **13** En hy moet sy
hand op die kop[l] daarvan lê, en
dit moet voor die tent van same-
koms geslag word;[m] en Aäron
se seuns moet die bloed daar-
van rondom op die altaar sprin-
kel. **14** En hy moet daarvan
as sy offer, as ’n vuuroffer aan
Jehovah, die vet aanbied wat
die ingewande bedek, ja, al die
vet wat aan die ingewande is,[n]
**15** asook die twee niere en die
vet wat daaraan is, dié wat aan
die lendene is. En wat die aan-
hangsel aan die lewer betref,
hy moet dit saam met die niere
verwyder. **16** En die priester
moet dit op die altaar as voed-
sel laat rook, ’n vuuroffer vir ’n
rustige geur. Al die vet behoort
aan Jehovah.[o]

**17** “‘Dit is ’n insetting tot on-
bepaalde tyd vir julle geslag-
te, in al julle woonplekke: Jul-
le mag hoegenaamd geen vet en
geen bloed[a] eet nie.’”

**4** En Jehovah het verder met
Moses gepraat en gesê:
**2** “Praat met die kinders van Is-
rael en sê: ‘As ’n siel[b] onopsetlik
sondig[c] in enige van die dinge
wat Jehovah beveel nie gedoen
mag word nie, en hy wel een
daarvan doen:

**3** “‘As die priester, die ge-
salfde,[d] sondig[e] en so skuld op
die volk bring, dan moet hy vir
sy sonde[f] wat hy gepleeg het,
’n jong bul sonder gebrek vir Je-
hovah as ’n sondoffer aanbied.
**4** En hy moet die bul na die in-
gang van die tent van same-
koms[g] voor Jehovah bring en sy
hand op die bul se kop lê,[h] en hy
moet die bul voor Jehovah slag.
**5** En die priester, die gesalfde,[i]
moet van die bul se bloed neem
en dit in die tent van same-
koms inbring; **6** en die pries-
ter moet sy vinger in die bloed
doop[j] en van die bloed sewe
keer[k] voor Jehovah spat, voor
die voorhangsel van die heilig-
dom. **7** En die priester moet
van die bloed smeer aan die ho-
rings[l] van die altaar van wel-
riekende reukwerk, wat in die
tent van samekoms is, voor Je-
hovah, en die res van die bul se
bloed moet hy alles aan die
voet[m] van die brandofferaltaar
uitgiet, wat by die ingang van
die tent van samekoms is.

**8** “‘Wat al die vet van die
sondofferbul betref, hy moet die
vet wat die ingewande bedek
van hom aflig, ja, al die vet wat
oor die ingewande is,[n] **9** as-
ook die twee niere en die vet
wat daaraan is, dié wat aan
die lendene is. En wat die aan-
hangsel aan die lewer betref,

**HFST. 3**
a Eks 12:5, Nu 6:14, 2Ko 5:21, Heb 7:26, 1Pe 1:19
b Heb 9:14
c Le 4:4
d Le 4:15
e 2Kr 7:7
f Eks 29:22, Le 9:19
g Le 3:3
h Le 4:9, Le 9:10
i Le 21:6
j Le 3:5, Le 4:31
k Le 9:3, Le 22:19
l Eks 29:10, Le 3:2
m Eks 29:11, Le 3:8, Le 14:13
n Le 3:3, Le 3:9, Le 4:26, Ps 20:3
o Le 7:23, 1Sa 2:16

**Tweede kol.**
a Ge 9:4, Le 17:10, Le 17:13, De 12:23, Ese 44:7, Han 15:20

**HFST. 4**
b Ge 46:26
c Le 5:17, Nu 15:28, Ps 119:67, Ga 6:1, Jak 2:10
d Le 8:12, Le 21:10, Lu 4:18, Heb 1:9
e Nu 12:1, Heb 4:15, Heb 7:26
f Heb 5:3, Heb 7:27
g Le 1:3, Le 6:25
h Eks 29:10, Le 1:4
i Eks 29:29, Eks 30:30
j Le 8:15, Le 16:19
k Le 16:14
l Eks 30:10
m Le 5:9
n Le 4:19, Le 4:26

hy moet dit saam met die nie-
re verwyder.[a] 10 Dit sal die-
selfde wees as wat van ’n bul
van die gemeenskapsoffer afge-
lig word.[b] En die priester moet
dit op die brandofferaltaar laat
rook.[c]

11 “‘Maar wat die vel van
die bul betref en al sy vleis
met sy kop en sy pote en sy
ingewande en sy mis,[d] 12 hy
moet die hele bul buitekant die
kamp[e] laat neem, na ’n rein
plek waar die vetterige as[f] uit-
gegooi word, en hy moet dit op
hout met vuur verbrand.[g] Waar
die vetterige as uitgegooi word,
moet dit verbrand word.

13 “‘En as die hele vergade-
ring van Israel ’n fout begaan,[h]
en die saak vir die oë van die
gemeente verborge was, deur-
dat hulle een van al die dinge
gedoen het wat Jehovah beveel
nie gedoen mag word nie en
hulle sodoende skuldig geword
het,[i] 14 en die sonde wat hul-
le daarteen gepleeg het, bekend
geword het,[j] dan moet die ge-
meente ’n jong bul as ’n sondof-
fer aanbied en dit voor die tent
van samekoms bring. 15 En
die ouer manne van die verga-
dering moet voor Jehovah hulle
hande op die bul se kop lê,[k] en
die bul moet voor Jehovah ge-
slag word.

16 “‘Dan moet die priester,
die gesalfde,[l] van die bul se
bloed in die tent van samekoms
inbring.[m] 17 En die priester
moet sy vinger in van die bloed
doop en dit sewe keer voor Je-
hovah spat, voor die voorhang-
sel.[n] 18 En hy moet van die
bloed aan die horings van die al-
taar[o] smeer wat voor Jehovah
in die tent van samekoms is; en
die res van die bloed moet hy
aan die voet van die brandof-
feraltaar[p] uitgiet, wat by die in-
gang van die tent van same-
koms is. 19 En hy moet al die
vet van hom aflig, en hy moet
dit op die altaar laat rook.[a]
20 En hy moet met die bul
doen net soos hy met die an-
der sondofferbul gedoen het. So
moet hy daarmee doen; en die
priester moet vir hulle versoe-
ning doen,[b] en so sal dit hulle
vergewe word. 21 En hy moet
die bul buitekant die kamp laat
neem en dit verbrand, net soos
hy die eerste bul verbrand het.[c]
Dit is ’n sondoffer vir die ge-
meente.[d]

22 “‘Wanneer ’n owerste[e]
sondig en onopsetlik een van
al die dinge doen wat Jehovah
sy God beveel nie gedoen mag
word nie,[f] en hy sodoende skul-
dig geword het, 23 of sy sonde
wat hy teen die gebod gepleeg
het, aan hom bekend gemaak
is,[g] dan moet hy as sy offer ’n
jong bokram[h] sonder gebrek
bring. 24 En hy moet sy hand
op die kop van die jong bok
lê[i] en dit slag op die plek waar
die brandoffer gereeld voor Je-
hovah geslag word.[j] Dit is ’n
sondoffer.[k] 25 En die priester
moet van die bloed van die sond-
offer met sy vinger neem en dit
aan die horings[l] van die brand-
offeraltaar smeer, en hy moet
die res van die bloed aan die
voet van die brandofferaltaar
uitgiet. 26 En hy moet al die
vet daarvan op die altaar laat
rook soos die vet van die ge-
meenskapsoffer;[m] en die pries-
ter moet vir hom versoening
doen vir sy sonde,[n] en so sal dit
hom vergewe word.

27 “‘En as enige siel van die
volk van die land onopsetlik
sondig deurdat hy een van die
dinge doen wat Jehovah beveel
nie gedoen mag word nie en hy
skuldig word,[o] 28 of sy sonde
wat hy gepleeg het, aan hom be-
kend gemaak is, dan moet hy

**HFST. 4**

a Le 3:4, Le 9:10
b Le 3:3
c Le 4:26, Ps 20:3, Heb 10:8
d Eks 29:14, Nu 19:5
e Nu 5:3, Heb 13:11
f Le 6:11
g Le 8:17
h Jos 7:11, Spr 14:34
i Eks 32:30, Nu 15:24
j Pr 12:14, 1Ti 5:24
k Eks 29:10, Le 1:4, Le 3:2, Le 16:21, Mt 8:17, Heb 9:28, 1Pe 2:24
l Eks 40:15
m Le 4:5
n Eks 26:31, Eks 40:21, Heb 10:20
o Eks 30:1, Eks 30:6
p Eks 27:1, Eks 40:6, Le 4:7

**Tweede kol.**

a Le 3:16
b Eks 32:30, Le 12:8, Le 16:17, Nu 15:25, Ef 1:7, 1Ti 2:5, Heb 2:17
c Le 4:12
d Le 16:15, Mt 20:28, Joh 1:29, 1Jo 2:2
e Eks 18:21, Nu 16:2, Nu 34:18, Jos 22:14, 2Sa 24:10
f Le 5:4, Le 5:17, Le 6:2
g 2Sa 12:13
h Le 23:19, Nu 15:24, Nu 28:15, Nu 29:5
i Le 1:4, Le 4:4, Spr 28:13, Jes 53:6
j Le 1:11, Le 3:2, Le 6:25, Le 7:2
k Le 4:3
l Le 8:15, Le 9:9, Le 16:18, Heb 9:22
m Le 3:5
n Eks 32:30, Nu 15:28
o Eks 12:49, Nu 5:6, Nu 15:29

as sy offer 'n jong bokooi[a] son-
der gebrek bring vir sy sonde
wat hy gepleeg het. **29** En hy
moet sy hand op die kop van
die sondoffer lê[b] en die sondof-
fer slag op dieselfde plek as die
brandoffer.[c] **30** En die pries-
ter moet van die bloed daarvan
met sy vinger neem en dit aan
die horings[d] van die brandoffer-
altaar smeer, en hy moet die
res van die bloed aan die voet
van die altaar uitgiet.[e] **31** En
hy moet al die vet daarvan ver-
wyder,[f] net soos die vet van die
gemeenskapsoffer af verwyder
is;[g] en die priester moet dit op
die altaar laat rook as 'n rustige
geur vir Jehovah;[h] en die pries-
ter moet vir hom versoening
doen, en so sal dit hom vergewe
word.[i]

**32** "'Maar ingeval hy 'n lam[j]
as sy offer, as 'n sondoffer,
bring, moet hy 'n ooilam sonder
gebrek[k] bring. **33** En hy moet
sy hand op die kop van die sond-
offer lê en dit as 'n sondoffer
slag op die plek waar die brand-
offer gereeld geslag word.[l]
**34** En die priester moet van die
bloed van die sondoffer met sy
vinger neem en dit aan die ho-
rings van die brandofferaltaar
smeer,[m] en hy moet die res van
die bloed alles aan die voet van
die altaar uitgiet. **35** En hy
moet al die vet daarvan verwy-
der net soos die vet van die jong
ram van die gemeenskapsoffer
gereeld verwyder word, en die
priester moet dit op die altaar
laat rook op Jehovah se vuurof-
fers;[n] en die priester moet vir
hom versoening doen[o] vir sy
sonde wat hy gepleeg het, en so
sal dit hom vergewe word.[p]

**5** "'En as 'n siel[q] sondig deur-
dat hy 'n vervloeking ge-
hoor het[r] wat in die openbaar
uitgespreek is en hy 'n getuie is
of dit gesien het of daarvan te
wete gekom het, dan moet hy,
as hy dit nie bekend maak nie,[a]
verantwoording doen vir sy oor-
treding.

**2** "'Of wanneer 'n siel aan
iets onreins raak, hetsy die
dooie liggaam van 'n onrein wil-
de dier of die dooie liggaam van
'n onrein mak dier of die dooie
liggaam van 'n onrein kruipen-
de diertjie,[b] al was dit vir hom
verborge,[c] is hy nogtans on-
rein en het hy skuldig geword.[d]
**3** Of as hy aan die onreinheid
van 'n mens raak, met betrek-
king tot enige onreinheid[e] van
hom waardeur hy onrein kan
word, al was dit vir hom verbor-
ge, en hy dit tog te wete gekom
het, dan het hy skuldig geword.

**4** "'Of as 'n siel sodanig
sweer dat hy onnadenkend met
sy lippe spreek[f] om kwaad te
doen[g] of om goed te doen met
betrekking tot hoegenaamd
enigiets wat die man onnaden-
kend in 'n beëdigde verklaring
sou kon spreek,[h] al was dit vir
hom verborge, en hy dit tog
te wete gekom het, dan het hy
skuldig geword met betrekking
tot een van hierdie dinge.

**5** "'En as hy skuldig word
met betrekking tot een van
hierdie dinge, dan moet hy bely[i]
in watter opsig hy gesondig het.
**6** En hy moet sy skuldoffer[j] aan
Jehovah bring vir sy sonde wat
hy gepleeg het, naamlik 'n ooi
uit die kleinvee, 'n ooilam of 'n
jong bokooi,[k] as 'n sondoffer; en
die priester moet vir hom ver-
soening doen vir sy sonde.[l]

**7** "'As hy egter nie 'n skaap
kan bekostig nie,[m] dan moet hy
as sy skuldoffer vir die son-
de wat hy gepleeg het, twee

**HFST. 4**
a Le 5:6
b Le 1:4; Le 3:2; Le 4:4; Le 16:21; Spr 28:13; Jes 53:6; Mt 8:17; 1Pe 2:24
c Le 1:11; Le 6:25
d Le 4:25
e Le 8:15; Le 9:9; Heb 9:22
f Le 3:16; Le 4:8
g Le 3:3
h Eks 29:18; Le 1:9; Le 3:5; Le 8:21; Esr 6:10
i Le 4:26; Ho 14:2
j Jes 53:7; Joh 1:29; Heb 9:14; 1Pe 1:19
k Le 3:6; Heb 7:26; Heb 9:14; 1Pe 2:22
l Le 1:11; Le 4:4
m Le 4:25; Le 16:18
n Eks 29:13; Le 3:3; Le 6:12; Le 9:10
o Le 1:4; Le 4:26; Le 4:31; Le 6:7; Le 16:30; Nu 15:28; Kol 1:14; 1Jo 2:2
p 1Jo 1:7

**HFST. 5**
q Ge 2:7; Ge 46:26; Ese 18:4
r Spr 29:24

**Tweede kol.**
a Ge 37:2; 1Sa 2:24; Est 6:2; Spr 29:24; 1Ko 1:11; 1Ko 5:1
b Le 11:24; Le 17:15; Le 21:1; Nu 19:11; De 14:8
c Ps 19:12
d Le 4:13
e Le 12:2; Le 13:3; Le 15:3; Nu 19:11
f Jak 3:8; 1Pe 3:10
g Mal 3:5

**h** Rig 21:7; 1Sa 14:24; Mt 5:33; Mr 6:23; **i** Le 26:40; Nu 5:7; Jos 7:19; Esr 10:11; Ps 32:5; Spr 28:13; 1Jo 1:9; **j** Le 7:1; Le 14:12; Le 19:21; Nu 6:12; **k** Le 4:28; **l** Le 4:20; Joh 1:29; 1Ti 2:5; Heb 9:14; 1Jo 4:10; **m** Le 12:8; Le 14:21; 2Ko 8:12; Jak 2:5.

tortelduiwe[a] of twee jong dui-
we aan Jehovah bring, een as ’n
sondoffer[b] en een as ’n brandof-
fer. **8** En hy moet hulle na die
priester toe bring, wat eers die
een as die sondoffer moet aan-
bied en sy kop voor sy nek moet
afknyp,[c] maar hy moet dit nie
aftrek nie. **9** En hy moet van
die bloed van die sondoffer teen
die kant van die altaar spat,
maar die res van die bloed moet
hy aan die voet van die altaar
laat uitloop.[d] Dit is ’n sondoffer.
**10** En die ander een moet hy as
’n brandoffer behandel volgens
die gebruiklike prosedure;[e] en
die priester moet vir hom ver-
soening doen[f] vir sy sonde wat
hy gepleeg het, en so sal dit hom
vergewe word.[g]

**11** “ ‘En as hy nie die midde-
le[h] vir twee tortelduiwe of twee
jong duiwe het nie, dan moet hy
as sy offer vir die sonde wat hy
gepleeg het, ’n tiende van ’n efa[i]
fynmeel as ’n sondoffer bring.
Hy moenie olie[j] daarop gooi nie
en hy moenie wierook daarop
sit nie, want dit is ’n sondof-
fer.[k] **12** En hy moet dit na die
priester toe bring, en die pries-
ter moet daarvan ’n hand vol
neem as ’n gedenkdeel[l] daarvan
en dit op die altaar laat rook op
Jehovah se vuuroffers.[m] Dit is ’n
sondoffer.[n] **13** En die priester
moet vir hom versoening doen[o]
vir sy sonde wat hy gepleeg het,
enigeen van hierdie sondes, en
so sal dit hom vergewe word; en
dit moet die priester s’n word,[p]
net soos ’n graanoffer.’ ”

**14** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en gesê:
**15** “As ’n siel hom ontrou gedra
deurdat hy onopsetlik teen die
heilige dinge van Jehovah[q] son-
dig, dan moet hy as sy skuldof-
fer[r] aan Jehovah ’n ram sonder
gebrek uit die kleinvee bring,
volgens die geskatte waarde in
silwersikkels,[a] volgens die sik-
kel van die heiligdom, as ’n
skuldoffer. **16** En hy moet vir
die sonde wat hy teen die hei-
ligdom gepleeg het, vergoeding
gee en ’n vyfde[b] daarvan by-
voeg, en hy moet dit vir die
priester gee, sodat die priester
vir hom versoening kan doen[c]
met die ram van die skuldof-
fer, en so sal dit hom vergewe
word.[d]

**17** “En as ’n siel sondig deur-
dat hy een van al die dinge
doen wat Jehovah beveel nie ge-
doen mag word nie, al het hy
dit nie geweet nie,[e] het hy tog
skuldig geword en moet hy ver-
antwoording doen vir sy oortre-
ding.[f] **18** En hy moet ’n ram
sonder gebrek uit die kleinvee,
volgens die geskatte waarde, as
’n skuldoffer[g] na die priester
toe bring; en die priester moet
vir hom versoening doen[h] vir sy
fout wat hy onopsetlik begaan
het, al het hy dit nie geweet nie,
en so sal dit hom vergewe word.[i]
**19** Dit is ’n skuldoffer. Hy het
gewis skuldig geword[j] teenoor
Jehovah.”

**6** En Jehovah het verder met
Moses gepraat en gesê:
**2** “As ’n siel sondig deurdat hy
hom ontrou gedra teenoor Jeho-
vah[k] en hy sy metgesel bedrieg[l]
in verband met iets wat in sy be-
waring is of wat in sy hand ge-
gee is[m] of geroof is of deurdat
hy sy metgesel verkul,[n] **3** of
hy iets vind wat weg was[o] en be-
drieglik in verband daarmee
handel en vals sweer[p] oor eni-
ge van al die dinge wat die
mens sou kon doen en waardeur
hy sou sondig; **4** dan moet hy,
as hy sondig en inderdaad skul-
dig word[q], die geroofde voor-
werp teruggee wat hy geroof
het of die afgeperste voorwerp
wat hy deur bedrog geneem het
of die voorwerp in sy bewaring

**HFST. 5**
a Le 1:14; Le 15:14
b Le 14:22; Lu 2:24
c Le 1:15
d Le 1:5; Le 7:2; Heb 9:22
e Le 1:17
f Le 6:7; Heb 2:17; 1Jo 2:2
g Eks 34:9
h 2Ko 8:12
i Eks 16:36
j Nu 5:15
k Le 5:6; Spr 28:13; 2Ko 5:21
l Le 6:15; Nu 5:26
m Le 4:35
n Le 4:3
o Le 4:26
p Le 2:10; Le 7:6; 1Sa 2:28; 1Ko 9:13
q Le 10:18; Le 22:14; Nu 18:9
r Le 6:6

**Tweede kol.**
a Eks 30:13; Le 27:25
b Le 6:5; Le 22:14; Le 27:13; Nu 5:7
c Eks 32:30; Le 12:8; Nu 15:25; Heb 2:17; 1Jo 2:2
d Eks 34:9; Le 4:20; Le 6:7; Le 19:22
e Ps 19:12; Lu 12:48; Heb 5:2
f Le 5:2; 1Ti 5:24
g Le 5:7; Le 6:6
h Le 1:4
i Jes 53:12
j Esr 10:2; Ps 51:3

**HFST. 6**
k Le 5:15; Nu 5:6; Ps 51:4
l Le 19:11
m Eks 22:7
n Job 24:2; Mi 2:2; Han 13:10
o De 22:1
p Eks 22:11; Le 19:12; Jer 7:9; Mal 3:5; Ef 4:25; Kol 3:9; 1Ti 1:10
q Le 4:13

wat in sy bewaring gegee is of
dit wat weg was en wat hy
gevind het, **5** of hoegenaamd
enigiets waaroor hy vals sou
kon sweer, en hy moet vir die
volle bedrag daarvan vergoe-
ding gee,[a] en hy moet 'n vyf-
de daarvan byvoeg. Aan die
een wie s'n dit is, moet hy dit
gee op die dag dat sy skuld be-
wys word. **6** En as sy skuldof-
fer moet hy vir Jehovah 'n ram
sonder gebrek[b] uit die kleinvee,
volgens die geskatte waarde, as
'n skuldoffer,[c] na die priester
toe bring. **7** En die priester
moet vir hom versoening doen[d]
voor Jehovah, en so sal dit hom
vergewe word met betrekking
tot enige van al die dinge wat hy
sou kon doen waardeur hy skul-
dig sou word."

**8** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en gesê:
**9** "Gee bevel aan Aäron en sy
seuns en sê: 'Dít is die wet
van die brandoffer:[e] Die brand-
offer moet die hele nag lank tot
die oggend toe op die vuurherd
op die altaar bly, en die altaar-
vuur moet daarin aangesteek
wees. **10** En die priester moet
sy linneampsdrag[f] aantrek, en
hy moet die linnebroek[g] oor sy
vlees aantrek. Dan moet hy die
vetterige as[h] van die brandof-
fer wat gereeld deur die vuur op
die altaar verteer word, aflig, en
hy moet dit langs die altaar sit.
**11** En hy moet sy klere uit-
trek en ander klere aantrek,[i] en
hy moet die vetterige as na 'n
rein plek buite die kamp neem.[j]
**12** En die vuur op die altaar
moet daarop aan die brand ge-
hou word. Dit mag nie dood-
gaan nie. En die priester moet
oggend na oggend hout daarop
brand[k] en die brandoffer daar-
op regsit, en hy moet die stukke
vet van die gemeenskapsoffers
daaroor laat rook.[l] **13** Vuur[m]
moet voortdurend op die altaar
aan die brand gehou word. Dit
mag nie doodgaan nie.

**14** "'En dít is die wet van die
graanoffer:[a] Seuns van Aäron,
bied dit voor Jehovah voor die
altaar aan. **15** En een van hul-
le moet daarvan 'n hand vol af-
lig, van die fynmeel van die
graanoffer en van die olie en al
die wierook wat op die graanof-
fer is, en hy moet dit op die al-
taar laat rook as 'n rustige geur
tot 'n gedenkdeel[b] daarvan vir
Jehovah. **16** En wat daarvan
oorbly, moet Aäron en sy seuns
eet.[c] Dit moet as ongesuurde
koeke[d] op 'n heilige plek ge-
eet word. Hulle moet dit in die
voorhof van die tent van same-
koms eet. **17** Dit mag nie met
enigiets gesuurds gebak word
nie.[e] Ek het dit as hulle deel uit
my vuuroffers gegee.[f] Dit is iets
hoogheiligs,[g] soos die sondoffer
en soos die skuldoffer. **18** Al-
mal wat manlik is[h] onder die
seuns van Aäron, moet dit eet.
Dit is in al julle geslagte tot on-
bepaalde tyd[i] 'n toegewese deel
uit Jehovah se vuuroffers. Al-
les wat daaraan raak, sal heilig
word.'"

**19** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en gesê:
**20** "Dít is die offer[j] van Aäron
en sy seuns wat hulle vir Je-
hovah moet aanbied op die dag
waarop hy gesalf word:[k] 'n tien-
de van 'n efa[l] fynmeel as 'n
voortdurende graanoffer,[m] die
helfte daarvan in die oggend en
die helfte daarvan in die aand.
**21** Dit moet met olie op 'n bak-
plaat gemaak word.[n] Goed ge-
meng moet jy dit bring. Jy moet
die gebak van die graanoffer
in stukkies aanbied as 'n rus-
tige geur vir Jehovah. **22** En
die priester, die een wat uit sy
seuns in sy plek gesalf word,[o]
moet dit maak. Dít is 'n voor-

**HFST. 6**

a Le 5:16, Nu 5:7, 1Sa 12:3
b Le 5:15, Jes 53:10, Heb 9:14
c Le 7:1
d Le 4:20, Le 5:10, Le 5:18, 1Jo 1:7, 1Jo 2:2
e Eks 29:42, Nu 28:3, Heb 10:11
f Eks 28:39, Le 16:32, Esr 3:10, Ese 44:17
g Eks 28:42, Eks 39:28
h Eks 27:3, Le 1:16, Le 4:12
i Le 16:23, Ese 44:19
j Le 4:12, Le 16:27, Nu 19:9, Heb 13:12
k Le 1:7, Le 3:5, Ne 13:31
l Le 3:5, Le 3:16, Nu 18:17
m Nu 16:46

**Tweede kol.**

a Le 2:1, Nu 15:4
b Le 2:2, Le 2:9, Le 5:12
c Le 2:3, Le 5:13, Ese 44:29, 1Ko 9:13
d Le 10:12
e Le 2:11, Mt 16:12, 1Pe 2:22
f Nu 18:9
g Le 2:3, Le 2:10
h Nu 18:10
i Le 24:9
j Eks 29:2
k Eks 30:30, Ps 133:2, Lu 4:18, Han 10:38, Heb 1:9, Heb 5:1, Heb 7:28, Heb 8:3
l Eks 16:36, Le 5:11
m Eks 29:40, Le 2:1, Le 9:17, Nu 28:5
n Le 2:5, Le 7:9, 1Kr 23:29
o De 10:6, Heb 7:23

skrif tot onbepaalde tyd: As ’n
heeloffer moet dit vir Jeho-
vah in rook opgaan.[a] **23** En
elke graanoffer van ’n priester[b]
moet ’n heeloffer wees. Dit mag
nie geëet word nie.”

**24** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en ge-
sê: **25** “Praat met Aäron en
sy seuns en sê: ‘Dít is die wet
van die sondoffer:[c] Op die plek[d]
waar die brandoffer gereeld ge-
slag word, moet die sondoffer
voor Jehovah geslag word. Dit
is iets hoogheiligs.[e] **26** Die
priester wat dit vir die sonde
offer, moet dit eet.[f] Op ’n hei-
lige plek[g] moet dit geëet word,
in die voorhof[h] van die tent van
samekoms.

**27** “‘Alles wat aan die vleis
daarvan raak, sal heilig word,[i]
en wanneer iemand van die
bloed daarvan op ’n kleed spat,[j]
moet jy dit waarop hy bloed
spat, op ’n heilige plek was.[k]
**28** En die erdehouer[l] waarin dit
gekook is, moet verbrysel word.
Maar as dit in ’n koperhouer ge-
kook is, dan moet dit geskuur
en met water afgespoel word.

**29** “‘Almal wat manlik is on-
der die priesters, moet dit
eet.[m] Dit is iets hoogheiligs.[n]
**30** Maar geen sondoffer waar-
van ’n deel van die bloed[o] in die
tent van samekoms ingebring
sal word om in die heiligdom
versoening te doen, mag geëet
word nie. Dit moet met vuur
verbrand word.

**7** “‘En dít is die wet van die
skuldoffer:[p] Dit is iets hoog-
heiligs.[q] **2** Op die plek[r] waar
hulle die brandoffer gereeld
slag, moet hulle die skuldoffer
slag, en hy moet die bloed[s] daar-
van rondom op die altaar sprin-
kel.[t] **3** Wat al die vet betref,[u]
hy moet daarvan aanbied die
vetstert en die vet wat die in-
gewande bedek, **4** en die twee
niere en die vet wat daaraan
is, dié wat aan die lendene
is. En wat die aanhangsel aan
die lewer betref, hy moet dit
saam met die niere verwyder.[a]
**5** En die priester moet dit op
die altaar laat rook as ’n vuur-
offer aan Jehovah.[b] Dit is ’n
skuldoffer. **6** Almal wat man-
lik is onder die priesters, moet
dit eet.[c] Op ’n heilige plek moet
dit geëet word. Dit is iets hoog-
heiligs.[d] **7** Soos die sondoffer,
so is die skuldoffer. Daar is een
wet vir hulle.[e] Dit sal die pries-
ter s’n word wat daarmee ver-
soening sal doen.

**8** “‘Wat die priester betref
wat die brandoffer van iemand
aanbied, die vel[f] van die brand-
offer wat hy vir die priester aan-
gebied het, sal syne word.

**9** “‘En elke graanoffer wat
in die oond gebak word[g] en al-
les wat in die diepvetpot[h] en op
die bakplaat gemaak word,[i] be-
hoort aan die priester wat dit
aanbied. Dit sal syne word.[j]
**10** Maar elke graanoffer wat
met olie bevogtig[k] of droog is,[l]
sal al Aäron se seuns s’n word,
die een sowel as die ander.

**11** “‘En dít is die wet van
die gemeenskapsoffers[m] wat
iemand vir Jehovah sal aan-
bied: **12** As hy dit as ’n dank-
betuiging aanbied,[n] dan moet
hy saam met die dankoffer on-
gesuurde ringvormige koeke
aanbied, met olie bevogtig, en
ongesuurde platkoeke met olie
gesmeer[o] en goed gemengde
fynmeel as ringvormige koeke
met olie bevogtig. **13** Saam
met ringvormige koeke van
gesuurde[p] brood moet hy sy
offer aanbied, saam met die

**HFST. 6**
a Eks 29:41
b Heb 7:28
c Le 4:3
d Le 1:3; Le 1:11
e Le 21:22; Le 22:7
f Le 10:17; Nu 18:9; Ese 44:29
g Le 6:16
h Eks 27:9; Eks 38:9; Eks 40:33; Ese 42:13
i Mt 9:21; Mt 14:36
j 1Pe 1:2
k Heb 9:10
l Le 11:33; Le 15:12
m Le 6:18; Nu 18:10
n Le 6:25; Le 21:22
o Le 4:5; Le 10:18; Le 16:27; Heb 13:11

**HFST. 7**
p Le 5:6; Le 6:6; Le 14:12; Le 19:21; Nu 6:12
q Le 6:17; Le 21:22
r Le 1:3; Le 6:25
s Le 5:9; Heb 9:22
t Le 1:5; Le 3:2; Le 5:9; 1Pe 1:2
u Eks 29:13; Le 3:9; Le 3:17; Le 4:8; Le 8:20

**Tweede kol.**
a Le 3:4; Le 4:9
b Le 1:9; Le 3:16; Le 5:12
c Le 5:13; Le 6:16; Nu 18:9
d Le 2:3
e Le 6:25; Le 14:13
f Eks 29:14; Le 1:6; Nu 19:5
g Le 2:4
h Le 2:7
i Le 2:5; Le 6:21; 1Kr 23:29
j Le 2:3; Nu 18:9; 1Ko 9:13
k Le 2:4; Le 14:21
l Le 5:11; Nu 5:15

**m** Le 3:1; Le 7:20; Le 22:21; 1Ko 10:16; **n** Le 22:29; 2Kr 29:31; Ne 12:43; Ps 50:14; 2Ko 9:11; **o** Le 2:4; Le 6:16; Nu 6:15; **p** Le 2:11; Le 23:17.

dankoffer van sy gemeenskaps-
offers. **14** En daaruit moet hy
een van elke offer as ’n hei-
lige deel vir Jehovah aanbied;[a]
wat die priester betref wat die
bloed van die gemeenskapsof-
fers sprinkel, dit sal syne word.[b]
**15** En die vleis van die dankof-
fer van sy gemeenskapsoffers
moet geëet word op die dag dat
hy dit offer. Hy mag niks daar-
van bêre tot die oggend toe nie.[c]

**16** “ ‘En as die offerande wat
hy as offer bring, ’n gelofteof-
fer[d] of ’n vrywillige gawe[e] is,
moet dit op die dag geëet word
waarop hy sy offerande aanbied,
en wat daarvan oorbly, mag ook
op die volgende dag geëet word.
**17** Maar wat op die derde dag
van die vleis van die offeran-
de oorbly, moet met vuur ver-
brand word.[f] **18** As daar eg-
ter wel op die derde dag van
die vleis van sy gemeenskapsof-
fer iets geëet word, sal hy wat
dit aanbied, nie met goedkeu-
ring aangeneem word nie.[g] Dit
sal hom nie ten goede gere-
ken word nie.[h] Dit sal iets word
wat bedorwe is, en die siel wat
daarvan eet, moet verantwoor-
ding doen vir sy oortreding.[i]
**19** En die vleis wat aan enig-
iets onreins raak,[j] moet nie ge-
eet word nie. Dit moet met vuur
verbrand word. Wat die vleis be-
tref, elkeen wat rein is, mag die
vleis eet.

**20** “ ‘En die siel wat die vleis
eet van die gemeenskapsoffer,
wat vir Jehovah is, terwyl sy
onreinheid aan hom is, dié siel
moet uit sy volk uitgeroei
word.[k] **21** En as ’n siel aan
enigiets onreins raak, die on-
reinheid van ’n mens[l] of ’n on-
rein dier[m] of enige gruwel wat
onrein is,[n] en dan van die vleis
van die gemeenskapsoffer eet,
wat vir Jehovah is, dié siel moet
uit sy volk uitgeroei word.’ ”

**22** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en gesê:
**23** “Praat met die kinders van
Israel en sê: ‘Julle mag geen
vet[a] van ’n bul of ’n jong ram
of ’n bok eet nie. **24** En die
vet van ’n dier wat doodgegaan
het en die vet van ’n verskeur-
de dier[b] mag vir enigiets anders
denkbaar gebruik word, maar
julle mag dit hoegenaamd nie
eet nie. **25** Want elkeen wat
vet eet van die dier waarvan
hy dit as ’n vuuroffer aan Je-
hovah aanbied, die siel wat dit
eet, moet uit sy volk uitgeroei
word.[c]

**26** “ ‘En julle mag geen bloed
eet[d] in enige van die plekke
waar julle woon nie, nie dié van
voëls of van diere nie. **27** Elke
siel wat enige bloed eet, dié
siel moet uit sy volk uitgeroei
word.’ ”[e]

**28** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en gesê:
**29** “Praat met die kinders van
Israel en sê: ‘Hy wat sy gemeen-
skapsoffer vir Jehovah aanbied,
moet sy offer aan Jehovah
uit sy gemeenskapsoffer bring.[f]
**30** Sy hande moet die vet[g] aan
die bors as Jehovah se vuurof-
fers bring. Hy moet dit met
die bors bring om dit as ’n be-
weegoffer[h] voor Jehovah heen
en weer te beweeg. **31** En die
priester moet die vet op die al-
taar laat rook,[i] maar die bors
moet Aäron en sy seuns s’n
word.[j]

**32** “ ‘En julle moet uit julle
gemeenskapsoffers die regter-
boud as ’n heilige deel[k] vir die
priester gee. **33** Die seun van
Aäron wat die bloed van die ge-
meenskapsoffers en die vet aan-
bied, sal die regterboud as deel
kry.[l] **34** Want die bors van die
beweegoffer[m] en die boud van
die heilige deel neem ek van die
kinders van Israel uit hulle ge-

**HFST. 7**
a Le 10:14
b Le 6:26, Le 7:35, Nu 18:8
c Le 22:30
d Le 22:21, Nu 30:2, Rig 11:30, 1Sa 1:11, Ps 66:13, Spr 20:25, Pr 5:4, Han 21:23
e Le 22:23, De 12:6
f Le 19:6
g Le 19:7
h Ge 4:5
i Le 5:17, Le 19:8, Nu 9:13, Ese 4:14
j Le 11:24, Nu 19:15
k Le 15:3, Nu 19:20
l Le 12:4, Le 15:2
m Le 11:24, De 14:7
n Le 11:10, De 14:10, Ese 4:14

**Tweede kol.**
a Le 3:16, Le 3:17, Le 4:8, 1Sa 2:16
b Eks 22:31, Le 17:15
c Nu 15:31
d Ge 9:4, Le 3:17, Le 17:10, De 12:16, 1Sa 14:33, Ese 33:25, Han 15:20, Han 15:29
e Le 17:14
f Le 3:1, 1Ko 10:18
g Le 3:3
h Eks 29:24, Le 8:27, Le 9:21, Nu 6:20
i Le 3:5
j Le 5:13, Le 6:16, Le 8:29, Nu 18:18
k Eks 29:27, Le 10:14, Nu 6:20
l Le 6:26, De 18:3
m Eks 29:28, Le 10:14, Nu 18:18

meenskapsoffers, en ek sal dit
van die kinders van Israel aan
die priester Aäron en sy seuns
gee, as ’n voorskrif tot onbe-
paalde tyd.
**35** “‘Dit was die priesterlike
aandeel van Aäron en die pries-
terlike aandeel van sy seuns uit
Jehovah se vuuroffers, op die
dag toe hy hulle laat nader kom
het[a] om Jehovah as priesters te
dien, **36** net soos Jehovah be-
veel het om dit aan hulle te gee
op die dag toe hy hulle uit die
kinders van Israel gesalf het.[b]
Dit is ’n insetting tot onbepaal-
de tyd vir hulle geslagte.’”[c]
**37** Dit is die wet aangaande
die brandoffer,[d] die graanoffer[e]
en die sondoffer[f] en die skuldof-
fer[g] en die inhuldigingsoffer[h] en
die gemeenskapsoffer,[i] **38** net
soos Jehovah Moses op die berg
Si′nai beveel het[j] op die dag toe
hy die kinders van Israel beveel
het om hulle offers vir Jehovah
in die wildernis Si′nai aan te
bied.[k]

**8** En Jehovah het met Moses
gepraat en gesê: **2** “Neem
Aäron en sy seuns saam met
hom[l] en die klere[m] en die salf-
olie[n] en die sondofferbul[o] en die
twee ramme en die mandjie met
ongesuurde koeke,[p] **3** en laat
die hele vergadering by die in-
gang van die tent van same-
koms[q] bymekaarkom.”[r]
**4** Toe het Moses gedoen net
soos Jehovah hom beveel het,
en die vergadering het by die
ingang[s] van die tent van same-
koms bymekaargekom. **5** Mo-
ses het toe vir die vergadering
gesê: “Dit is die saak wat Je-
hovah beveel het gedoen
moet word.”[t] **6** Toe het Mo-
ses Aäron en sy seuns laat na-
der kom en hulle met water[u]
gewas.[v] **7** Daarna het hy vir
hom die kleed[w] aangetrek en
hom met die lyfband[a] omgord
en vir hom die moulose oor-
kleed[b] aangetrek en vir hom
die efod[c] aangetrek en hom met
die gordel[d] van die efod omgord,
waarmee hy dit styf om hom
vasgebind het. **8** Daarop het
hy vir hom die borsstuk[e] aange-
sit en in die borsstuk die Urim
en die Tummim[f] gesit. **9** Toe
het hy die tulband[g] op sy kop ge-
sit en aan die tulband, aan
die voorkant daarvan, die blink
goue plaat, die heilige toewy-
dingsteken,[h] vasgesit, net soos
Jehovah Moses beveel het.
**10** Moses het toe die salfolie
geneem en die tabernakel[i] en
alles wat daarin was, gesalf en
dit geheilig. **11** Daarna het hy
daarvan sewe keer op die al-
taar gespat en die altaar[j] en al
sy voorwerpe en die kom en sy
voetstuk gesalf om dit te heilig.
**12** Laastens het hy van die salf-
olie op Aäron se kop uitgegiet
en hom gesalf om hom te hei-
lig.[k]
**13** Moses het toe Aäron se
seuns laat nader kom[l] en vir
hulle die klere aangetrek en
hulle met lyfbande[m] omgord en
hulle die hoofbedekking[n] omge-
bind, net soos Jehovah Moses
beveel het.
**14** Toe het hy die sondoffer-
bul[o] gebring, en Aäron en sy
seuns het hulle hande op die
kop[p] van die sondofferbul gelê.
**15** En Moses het dit geslag[q] en
die bloed geneem[r] en dit met sy
vinger rondom aan die horings
van die altaar gesmeer en die
altaar van sonde gereinig, maar
die res van die bloed het hy aan
die voet van die altaar uitge-
giet, sodat hy dit kon heilig
om daarop versoening te doen.[s]
**16** Daarna het hy al die vet

**HFST. 7**

**a** Eks 28:1; Eks 29:7; Eks 40:13; Nu 18:7
**b** Eks 40:15; Le 8:12
**c** Heb 7:12
**d** Le 6:9; Am 5:22; Mr 12:33; Heb 10:5; Heb 10:6
**e** Le 2:1; Le 6:14
**f** Le 6:25
**g** Le 5:6; Le 7:1
**h** Eks 29:1; Le 6:20
**i** Le 3:1
**j** Eks 34:27; Le 25:1
**k** Eks 24:5; Le 1:2

**HFST. 8**

**l** Eks 28:1
**m** Eks 28:4; Eks 39:41
**n** Eks 30:23; Eks 40:15
**o** Eks 29:1
**p** Eks 29:2
**q** Nu 27:2
**r** Han 7:38
**s** Eks 36:37
**t** Joh 8:28
**u** Eks 29:4
**v** Eks 40:12; 1Ko 6:11; Ef 5:26; Heb 9:10
**w** Eks 28:39; Op 19:8

**Tweede kol.**

**a** Eks 39:29; Jes 11:5
**b** Eks 28:31; Eks 39:22; Nu 15:39; Ps 119:129
**c** Eks 28:6; Eks 39:2
**d** Eks 28:8; Eks 29:5; Eks 39:20
**e** Eks 28:15; Eks 39:9
**f** Eks 28:30; Esr 2:63; Joh 5:30
**g** Eks 29:6; Eks 39:28; 1Ko 11:3
**h** Eks 28:36; Eks 39:30
**i** Eks 30:26
**j** Eks 30:28
**k** Eks 29:7; Eks 30:30; Eks 40:13; Le 21:10; Ps 133:2; Han 10:38
**l** Eks 29:8; Eks 40:14
**m** Eks 29:9
**n** Eks 28:40

**o** Eks 29:10; Le 4:3; Le 16:6; Ese 43:19; **p** Le 1:4; Le 4:4; **q** Eks 29:11; **r** Eks 29:12; Heb 9:22; **s** Le 6:7; Le 6:30.

geneem wat aan die ingewande
was, en die aanhangsel van die
lewer en die twee niere en hulle
vet, en Moses het dit op die al-
taar laat rook.[a] **17** En hy het
die bul en sy vel en sy vleis en
sy mis buite die kamp met vuur
laat verbrand,[b] net soos Jeho-
vah Moses beveel het.

**18** Hy het toe die brandof-
ferram nader gebring, en Aäron
en sy seuns het toe hulle han-
de op die kop van die ram ge-
lê.[c] **19** Daarna het Moses dit
geslag en die bloed rondom op
die altaar gesprinkel.[d] **20** En
hy het die ram in sy stukke op-
gesny,[e] en Moses het die kop en
die stukke en die niervet laat
rook. **21** En die ingewande en
die pote het hy met water ge-
was, en Moses het toe die hele
ram op die altaar laat rook.[f] Dit
was 'n brandoffer as 'n rustige
geur.[g] Dit was 'n vuuroffer aan
Jehovah, net soos Jehovah Mo-
ses beveel het.

**22** Toe het hy die tweede
ram, die inhuldigingsram,[h] na-
der gebring, en Aäron en sy
seuns het hulle hande op die
ram se kop gelê. **23** Daarna
het Moses dit geslag en van die
bloed geneem en dit aan die reg-
teroorlel van Aäron gesmeer en
aan die duim van sy regter-
hand en aan die groottoon van
sy regtervoet.[i] **24** Toe het Mo-
ses Aäron se seuns laat nader
kom en van die bloed aan hul-
le regteroorlel gesmeer en aan
die duim van hulle regterhand
en aan die groottoon van hulle
regtervoet; maar Moses het die
res van die bloed rondom op die
altaar gesprinkel.[j]

**25** Toe het hy die vet geneem
en die vetstert en al die vet
wat aan die ingewande was,[k] en
die aanhangsel van die lewer en
die twee niere en hulle vet en
die regterboud.[l] **26** En uit die
mandjie met ongesuurde koe-
ke wat voor Jehovah was, het
hy een ongesuurde ringvormige
koek[a] en een ringvormige olie-
broodkoek[b] en een platkoek ge-
neem.[c] Hy het dit toe op die
stukke vet en die regterboud
gesit. **27** Daarna het hy dit al-
les op die palms van Aäron en
die palms van sy seuns gesit
en dit as 'n beweegoffer voor
Jehovah heen en weer begin be-
weeg.[d] **28** Toe het Moses dit
uit hulle palms geneem en dit
op die altaar bo-op die brandof-
fer laat rook.[e] Dit was 'n inhul-
digingsoffer[f] as 'n rustige geur.[g]
Dit was 'n vuuroffer aan Jeho-
vah.[h]

**29** En Moses het die bors ge-
neem[i] en dit as 'n beweegoffer
voor Jehovah heen en weer be-
weeg.[j] Van die inhuldigingsram
het dit Moses se deel geword,[k]
net soos Jehovah Moses beveel
het.

**30** Daarna het Moses van die
salfolie geneem[l] en van die
bloed wat op die altaar was en
dit op Aäron en sy klere ge-
spat en op sy seuns en die kle-
re van sy seuns saam met hom.
So het hy Aäron en sy klere
en sy seuns en die klere van
sy seuns[m] saam met hom gehei-
lig.[n]

**31** Toe het Moses vir Aäron
en sy seuns gesê: "Kook[o] die
vleis by die ingang van die tent
van samekoms, en daar moet
julle dit eet[p] met die brood wat
in die inhuldigingsmandjie is,
net soos die bevel aan my gegee
is, naamlik: 'Aäron en sy seuns
moet dit eet.' **32** En wat van
die vleis en die brood oorbly,
moet julle met vuur verbrand.[q]
**33** En julle mag sewe dae lank
nie by die ingang van die tent
van samekoms uitgaan nie,[r] tot
die dag dat die dae van julle in-
huldiging vervul is, want dit sal

**HFST. 8**
a Eks 29:13, Le 4:8, Ps 69:9
b Eks 29:14, Le 4:11, Le 16:27, Heb 13:12
c Eks 29:15, Le 1:4
d Eks 29:16
e Eks 29:17
f Eks 29:18
g Ge 8:21, Ef 5:2
h Eks 29:19, Le 8:33
i Eks 29:20, Le 14:14, Lu 24:44
j Eks 24:6
k Le 3:16, Le 4:9, Le 9:10, Ese 44:7
l Eks 29:22

**Tweede kol.**
a Le 2:4, Le 7:12, 1Ko 5:8
b Eks 29:2, Nu 6:15
c Eks 29:23
d Eks 29:24, Nu 8:13
e Eks 29:25
f Eks 29:19, Le 7:37
g Ge 8:21, Eks 29:41, Ef 5:2
h Le 1:13, Le 3:5
i Spr 23:26
j Eks 29:26, Le 7:30
k Eks 29:27, Le 7:35
l Eks 29:21, Eks 30:30, Ps 99:6
m Nu 3:3
n Eks 29:37
o Eks 29:31, Le 6:28, 1Sa 2:13
p Eks 29:32, Le 10:17, 1Ko 9:13, Ga 6:6
q Eks 29:34
r Eks 29:30

sewe dae neem om julle hand
met mag te vul.[a] **34** Net soos
dit vandag gedoen is, het Jeho-
vah beveel dat dit gedoen moet
word, om vir julle versoening te
doen.[b] **35** En julle moet sewe
dae lank dag en nag by die in-
gang van die tent van same-
koms bly,[c] en julle moet die ver-
pligte wag van Jehovah hou,[d]
sodat julle nie sterf nie; want so
is ek beveel."

**36** En Aäron en sy seuns het
al die dinge gedoen wat Jeho-
vah deur middel van Moses be-
veel het.

**9** En op die agtste dag[e] het
Moses Aäron en sy seuns en
die ouer manne van Israel ge-
roep. **2** Toe het hy vir Aäron
gesê: "Neem vir jou 'n jong kalf
as 'n sondoffer[f] en 'n ram as
'n brandoffer,[g] diere sonder ge-
brek, en bied hulle voor Jeho-
vah aan.[h] **3** Maar met die kin-
ders van Israel moet jy praat en
sê: 'Neem 'n bokram[i] as 'n sond-
offer en 'n kalf en 'n jong ram,[j]
elk 'n jaar oud, sonder gebrek,
as 'n brandoffer, **4** en 'n bul en
'n ram as gemeenskapsoffers[k]
om hulle voor Jehovah te offer,
en 'n graanoffer[l] met olie bevog-
tig, want vandag sal Jehovah be-
slis aan julle verskyn.' "[m]

**5** Daarop het hulle voor die
tent van samekoms gebring wat
Moses beveel het. Toe het die
hele vergadering nader gekom
en voor Jehovah gaan staan.[n]
**6** En Moses het gesê: "Dit is die
saak wat Jehovah julle beveel
het om te doen, sodat die heer-
likheid van Jehovah aan julle
kan verskyn."[o] **7** Toe het Mo-
ses vir Aäron gesê: "Gaan nader
na die altaar en offer jou sond-
offer[p] en jou brandoffer, en doen
versoening[q] vir jou en vir jou
huis; en bring die offer van die
volk[r] en doen versoening[s] vir
hulle, net soos Jehovah beveel
het."

**8** Aäron het onmiddellik na-
der gegaan na die altaar en
die sondofferkalf geslag wat vir
hom was.[a] **9** Toe het Aäron se
seuns die bloed[b] vir hom aange-
bied, en hy het sy vinger in die
bloed gedoop[c] en dit aan die ho-
rings van die altaar gesmeer,[d]
en die res van die bloed het hy
aan die voet van die altaar uit-
gegiet. **10** En hy het die vet[e]
en die niere en die aanhangsel
van die lewer van die sondof-
fer op die altaar laat rook,[f] net
soos Jehovah Moses beveel het.
**11** En hy het die vleis en die vel
buite die kamp met vuur ver-
brand.[g]

**12** Toe het hy die brandoffer
geslag, en Aäron se seuns het
vir hom die bloed aangegee, en
hy het dit rondom op die al-
taar gesprinkel.[h] **13** En hulle
het vir hom die brandoffer in
sy stukke en die kop aangegee,
en hy het dit op die altaar laat
rook.[i] **14** Verder het hy die in-
gewande en die pote gewas en
dit op die brandoffer op die al-
taar laat rook.[j]

**15** Hy het toe die offer van
die volk[k] aangebied en die sond-
offerbok geneem wat vir die
volk was en dit geslag en daar-
mee 'n sondoffer gebring soos
met die eerste. **16** Toe het hy
die brandoffer aangebied en
daarmee gehandel volgens die
gebruiklike prosedure.[l]

**17** Daarop het hy die graan-
offer[m] aangebied en sy hand
met 'n deel daarvan gevul en
dit op die altaar laat rook, be-
newens die oggendbrandoffer.[n]

**18** Daarna het hy die bul en
die ram van die gemeenskaps-
offer[o] geslag wat vir die volk
was. Toe het Aäron se seuns vir
hom die bloed aangegee, en hy

**HFST. 8**

a Eks 29:35, Nu 3:3
b Eks 29:36, Le 17:11, Heb 2:17
c Eks 29:37
d Nu 1:53, Nu 3:7, De 11:1, Ese 48:11

**HFST. 9**

e Le 8:35, Ese 43:27
f Le 4:3
g Le 8:18
h Le 8:14
i Le 4:23, Le 16:15, Esr 6:17
j Le 16:5, Esr 10:19
k Le 3:1
l Le 2:4, Le 6:14
m Eks 29:43
n Eks 19:17, De 31:12
o Eks 16:10, Eks 24:16, Eks 40:34, 2Kr 5:14
p Le 4:3
q Le 8:34, Heb 5:3, Heb 7:27
r Heb 5:1
s Le 16:33, Heb 9:7

**Tweede kol.**

a Le 4:4
b Heb 9:22
c Le 8:15
d Le 4:7, Le 16:18
e Le 3:3, Le 4:8
f Le 8:16
g Le 4:12, Le 8:17, Heb 13:11
h Le 1:5, Le 8:19
i Le 8:20
j Le 8:21
k Le 4:27, Jes 53:10, Joh 1:29, 1Ko 15:3, 2Ko 5:21, Ga 1:4, Ef 5:2, Tit 2:14, Heb 2:17, 1Pe 2:24, 1Jo 2:2
l Le 1:3, Le 5:10, Le 6:9, Le 8:18
m Le 2:1, Le 2:4, Le 2:11, Le 2:13
n Eks 29:39
o Le 3:1, Le 7:11

het dit rondom op die altaar gesprinkel.[a] **19** Wat die stukke vet[b] van die bul en die vetstert[c] van die ram en die vetbedekking en die niere en die aanhangsel van die lewer betref, **20** hulle het toe die stukke vet op die borsstukke gesit,[d] waarna hy die stukke vet op die altaar laat rook het. **21** Maar die borsstukke en die regterboud het Aäron as ’n beweegoffer[e] voor Jehovah heen en weer beweeg, net soos Moses beveel het.

**22** Toe het Aäron sy hande na die volk toe opgehef en hulle geseën[f] en afgeklim[g] nadat hy die sondoffer en die brandoffer en die gemeenskapsoffers gebring het. **23** Uiteindelik het Moses en Aäron in die tent van samekoms ingegaan en uitgekom en die volk geseën.[h]

Toe het Jehovah se heerlikheid[i] aan die hele volk verskyn, **24** en vuur het van Jehovah uitgegaan[j] en die brandoffer en die stukke vet op die altaar begin verteer. Toe die hele volk dit sien, het hulle begin juig[k] en op hulle gesig geval.

**10** Later het Aäron se seuns Nadab en Abi′hu[l] elkeen sy vuurbak[m] geneem en dit gebring en vuur daarin gesit en reukwerk[n] daarop geplaas, en hulle het onwettige vuur voor Jehovah begin offer,[o] wat hy hulle nie voorgeskryf het nie. **2** Hierop het ’n vuur van Jehovah uitgegaan en hulle verteer,[p] sodat hulle voor Jehovah gesterf het.[q] **3** Toe het Moses vir Aäron gesê: “Dít is wat Jehovah gespreek het deur te sê: ‘Laat ek geheilig word[r] onder dié wat naby my is,[s] en laat ek verheerlik word[t] voor die aangesig van die hele volk.’” En Aäron het stilgebly.

**4** Toe het Moses Mi′sael en El′safan, die seuns van Us′siël,[a] Aäron se oom, geroep en vir hulle gesê: “Kom nader, dra julle broers weg voor die heiligdom tot buite die kamp.”[b] **5** Hulle het toe nader gekom en hulle in hulle priesterklere tot buite die kamp gedra, net soos Moses gespreek het.

**6** Daarna het Moses vir Aäron en vir Elea′sar en I′tamar, sy ander seuns, gesê: “Julle mag julle kop nie onversorg laat[c] en julle klere nie skeur nie, sodat julle nie sterf nie en sodat hy nie verontwaardig raak teenoor die hele vergadering nie;[d] maar julle broers van die hele huis van Israel sal huil oor die brand, wat Jehovah laat brand het. **7** En julle mag nie by die ingang van die tent van samekoms uitgaan nie, sodat julle nie sterf nie,[e] want Jehovah se salfolie is op julle.”[f] En hulle het gedoen volgens Moses se woord.

**8** En Jehovah het met Aäron gepraat en gesê: **9** “Moenie wyn of sterk drank drink nie,[g] jy en jou seuns saam met jou, wanneer julle in die tent van samekoms ingaan, sodat julle nie sterf nie. Dit is ’n insetting tot onbepaalde tyd vir julle geslagte, **10** om ’n onderskeid te maak tussen wat heilig en wat onheilig is en tussen wat onrein en wat rein is,[h] **11** sowel as om die kinders van Israel al die voorskrifte te leer[i] wat Jehovah deur middel van Moses tot hulle gespreek het.”

**12** Toe het Moses met Aäron gepraat en met Elea′sar en I′tamar, sy seuns wat oorgebly het: “Neem die graanoffer[j] wat van Jehovah se vuuroffers oorgebly het en eet dit ongesuurd naby die altaar, want dit is iets hoogheiligs.[k] **13** En julle moet dit

HFST. 9
a Le 3:2
b Le 3:3
c Eks 29:22; Le 3:9; Le 8:25
d Le 7:30
e Eks 29:27; Le 8:27
f Nu 6:23; De 10:8; De 21:5; 1Kr 23:13; Lu 24:50; Han 3:26; Heb 7:7
g Eks 20:26
h 2Sa 6:18; 2Kr 6:3
i Le 9:6; Nu 14:10; Nu 16:42
j Rig 6:21; 1Kn 18:38; 1Kr 21:26; 2Kr 7:1
k 1Kn 18:39; 2Kr 7:3

HFST. 10
l Eks 6:23; 1Kr 24:2
m Eks 27:3; Le 16:12
n Eks 30:35; Le 16:12
o Eks 30:9; Le 10:9; Le 16:2; Jes 28:7
p Nu 16:35
q Le 22:9; Nu 26:61
r Jes 29:23; Ese 20:41; Mt 6:9
s Eks 19:22; Jes 52:11
t Jes 49:3; Joh 13:31; 2Te 1:10

Tweede kol.
a Eks 6:18
b Han 5:6
c Le 21:10; Nu 6:7
d Nu 16:22; Jos 7:1
e Le 21:12
f Eks 28:41; Le 8:12
g Spr 31:5; Jes 28:7; Ese 44:21; Ho 4:11; Ef 5:18; 1Ti 3:3; 1Ti 3:8; Tit 1:7
h Ese 22:26; Ese 44:23
i De 24:8; De 33:10; 2Kr 17:9; Ne 8:8; Jer 18:18; Mal 2:7
j Eks 29:2; Le 6:16
k Le 21:22

op ’n heilige plek eet,[a] want dit is jou toegewese deel en die toegewese deel van jou seuns uit Jehovah se vuuroffers; want so is ek beveel. **14** En julle moet die bors van die beweegoffer[b] en die boud van die heilige deel[c] op ’n rein plek eet, jy en jou seuns en jou dogters saam met jou,[d] want dit is gegee as jou toegewese deel en die toegewese deel van jou seuns uit die gemeenskapsoffers van die kinders van Israel. **15** Hulle moet die boud van die heilige deel en die bors van die beweegoffer[e] saam met die vuuroffers van die stukke vet bring om die beweegoffer voor Jehovah heen en weer te beweeg; en dit moet dien as ’n toegewese deel[f] tot onbepaalde tyd vir jou en jou seuns saam met jou, net soos Jehovah beveel het.”

**16** En Moses het deeglik gesoek na die sondofferbok,[g] en kyk! dit was verbrand. Daarom het hy toornig geword op Elea′sar en I′tamar, Aäron se seuns wat oorgebly het, en gesê: **17** “Waarom het julle die sondoffer nie op die heilige plek geëet nie,[h] aangesien dit iets hoogheiligs is en hy dit aan julle gegee het om verantwoording te doen vir die oortreding van die vergadering, ten einde vir hulle versoening te doen voor Jehovah?[i] **18** Kyk! Die bloed daarvan is nie binne-in die heiligdom gebring nie.[j] Julle moes dit vir seker in die heiligdom geëet het, net soos ek beveel is.”[k] **19** Hierop het Aäron met Moses gepraat en gesê: “Kyk! Vandag het hulle hulle sondoffer en hulle brandoffer voor Jehovah aangebied,[l] terwyl sulke dinge oor my begin kom het; en as ek vandag die sondoffer geëet het, sou dit bevredigend gewees het in Jehovah se oë?”[m] **20** Toe Moses dit hoor, was dit bevredigend in sy oë.

**11** En Jehovah het met Moses en Aäron gepraat en vir hulle gesê: **2** “Praat met die kinders van Israel en sê: ‘Dít is die diere wat julle mag eet[a] van al die viervoetige diere wat op die aarde is: **3** Elke dier onder die viervoetige diere wat gesplete hoewe het en waarvan die hoewe heeltemal gekloof is en wat herkou, dit mag julle eet.[b]

**4** “‘Maar die volgende mag julle nie eet onder dié wat herkou en dié wat gesplete hoewe het nie: die kameel, want hy herkou, maar het nie gesplete hoewe nie. Hy is vir julle onrein.[c] **5** Ook die klipdassie,[d] want hy herkou, maar het nie gesplete hoewe nie. Hy is vir julle onrein. **6** Ook die haas,[e] want hy herkou, maar het nie gesplete hoewe nie. Hy is vir julle onrein. **7** Ook die vark,[f] want hy het gesplete hoewe en die hoewe is heeltemal gekloof, maar hy herkou nie. Hy is vir julle onrein. **8** Julle mag nie van hulle vleis eet nie, en julle mag nie aan hulle dooie liggaam raak nie.[g] Hulle is vir julle onrein.[h]

**9** “‘Van alles wat in die waters is, mag julle die volgende eet:[i] Alles wat vinne en skubbe het[j] in die waters, in die seë en in die strome—dit mag julle eet. **10** En alles in die seë en die strome wat geen vinne en skubbe het nie, van elke dier waarvan die waters wemel en van elke lewende siel wat in die waters is—hulle is vir julle ’n gruwel. **11** Ja, hulle sal vir julle ’n gruwel word. Julle mag nie van hulle vleis eet nie,[k] en julle moet hulle dooie liggaam as ’n gruwel beskou. **12** Alles in die

**HFST. 10**
a Le 6:26, Nu 18:10
b Eks 29:26, Le 7:31, Le 9:21, Nu 18:11
c Le 7:34
d Le 22:13
e Le 8:29, Nu 18:18
f 1Ko 9:13
g Le 9:3, Le 9:15
h Le 6:26, Le 7:6, Ese 44:29
i Eks 28:38, Nu 18:1, Jes 53:11, Joh 1:29, 2Ko 5:21, Heb 9:28, 1Pe 2:24
j Le 6:30
k Le 6:26
l Le 9:8, Le 9:12
m Le 6:29

**Tweede kol.**

**HFST. 11**
a De 14:4, Ese 4:14
b De 14:6
c De 14:7
d Ps 104:18, Spr 30:26
e De 14:7
f De 14:8, Jes 65:4, Jes 66:3, Jes 66:17
g Le 11:24
h Han 10:14
i De 14:9
j Mt 4:18, Lu 24:42
k De 14:3, De 14:10

waters wat geen vinne en skub-
be het nie, is vir julle ’n gruwel.
**13** “‘En onder die voëls moet
julle die volgende as ’n gru-
wel beskou.[a] Hulle mag nie ge-
eet word nie. Hulle is ’n gruwel:
die arend[b] en die visvalk en die
swartaasvoël, **14** en die rooi-
wou en die swartwou[c] volgens
sy soorte, **15** en elke raaf[d]
volgens sy soorte, **16** en die
volstruis[e] en die uil en die meeu
en die valk volgens sy soorte,
**17** en die steenuil en die kormo-
rant en die langooruil,[f] **18** en
die swaan en die pelikaan en die
aasvoël,[g] **19** en die ooievaar,
die reier volgens sy soorte, en
die hoep-hoep, en die vlermuis.[h]
**20** Elke insek met vlerke wat
op vier pote loop, is vir julle ’n
gruwel.[i]
**21** “‘Maar die volgende mag
julle eet van al die insekte met
vlerke wat op vier pote loop: dié
wat bokant hulle pote springbe-
ne het om daarmee op die grond
te spring. **22** Van hulle mag
julle die volgende eet: die trek-
sprinkaan[j] volgens sy soorte en
die eetbare sprinkaan[k] volgens
sy soorte en die kriek volgens
sy soorte en die veldsprinkaan[l]
volgens sy soorte. **23** En elke
ander insek met vlerke wat vier
pote het, is vir julle ’n gruwel.[m]
**24** Deur hulle sal julle julle dus
onrein maak. Elkeen wat aan
hulle dooie liggaam raak, sal
tot die aand toe onrein wees.[n]
**25** En elkeen wat iets van hulle
dooie liggaam dra, moet sy kle-
re was,[o] en hy sal tot die aand
toe onrein wees.
**26** “‘Wat enige viervoetige
dier betref wat gesplete hoe-
we het, maar waarvan die hoe-
we nie heeltemal gekloof is nie
en wat nie herkou nie, hulle is
vir julle onrein. Elkeen wat aan
hulle raak, sal onrein wees.[p]
**27** Wat elke dier betref wat op
kussingpote loop onder al die
diere wat op vier pote loop, hul-
le is vir julle onrein. Elkeen wat
aan hulle dooie liggaam raak,
sal tot die aand toe onrein wees.
**28** En hy wat hulle dooie lig-
gaam dra,[a] moet sy klere was,[b]
en hy sal tot die aand toe onrein
wees. Hulle is vir julle onrein.
**29** “‘En onder die kruipende
diertjies wat op die aarde we-
mel, is die volgende vir julle on-
rein:[c] die molrot en die spring-
muis[d] en die akkedis volgens sy
soorte, **30** en die webvoetgei-
tjie en die groot akkedis en die
watersalmander en die sandak-
kedis en die verkleurmannetjie.
**31** Hulle is vir julle onrein on-
der al die kruipende diertjies.[e]
Elkeen wat aan hulle raak as
hulle dood is, sal tot die aand
toe onrein wees.[f]
**32** “‘En enigiets waarop een
van hulle val as hulle dood is,
sal onrein wees, of dit ’n hout-
houer[g] of ’n kleed of ’n vel[h] of
saklinne is.[i] Enige houer wat
gebruik word, moet in water ge-
sit word, en dit sal tot die aand
toe onrein wees en daarna rein
wees. **33** Wat enige erdehou-
er[j] betref waarin een van hul-
le val, alles wat daarin is, sal
onrein wees, en julle moet dit
breek.[k] **34** Enige soort voed-
sel wat geëet kan word waarop
water kom wat daaruit afkoms-
tig is, sal onrein wees, en eni-
ge drank wat gedrink kan word
wat in so ’n houer is, sal on-
rein wees. **35** En alles waarop
iets van hulle dooie liggaam val,
sal onrein wees. Of dit ’n oond
of ’n kruikstaander is, dit moet
stukkend gebreek word. Hulle
is onrein, en hulle moet vir julle
onrein word. **36** Maar ’n fon-
tein en ’n put met opgedamde
waters sal rein bly, maar elk-
een wat aan hulle dooie liggaam
raak, sal onrein wees. **37** En

**HFST. 11**
a De 14:12
b Job 39:30 Mt 24:28
c De 14:13
d De 14:14
e De 14:15
f De 14:16
g De 14:17
h De 14:18
i De 14:19
j Eks 10:12 Spr 30:27 Jes 33:4
k Mt 3:4 Mr 1:6
l 2Kr 7:13
m De 14:3
n Le 17:15
o Eks 19:10 Le 14:8 Le 15:5 Nu 19:10
p De 14:8

**Tweede kol.**
a Le 5:2
b Le 17:16
c Heb 9:10
d Jes 66:17
e Le 22:5 De 14:19
f Le 11:24
g Eks 7:19
h Ge 21:14
i Ge 37:34
j Le 6:28 Mr 14:13
k Le 15:12 Jes 30:14

as iets van hulle dooie liggaam
op enige plantsaad val wat ge-
saai moet word, is dit rein.
**38** Maar as daar water op saad
gegooi word en iets van hulle
dooie liggaam daarop geval het,
is dit vir julle onrein.

**39** “‘En as enige viervoetige
dier wat vir julle as voedsel
dien, doodgaan, sal hy wat aan
die dooie liggaam raak, tot die
aand toe onrein wees.[a] **40** En
hy wat iets van die dooie lig-
gaam eet,[b] moet sy klere was,
en hy sal tot die aand toe on-
rein wees; en hy wat die dooie
liggaam wegdra, moet sy kle-
re was, en hy sal tot die aand
toe onrein wees. **41** En al die
kruipende diertjies wat op die
aarde wemel, is ’n gruwel.[c] Dit
mag nie geëet word nie.
**42** Alles wat op die maag seil[d]
en alles wat op vier of enige
groot aantal pote loop van al die
kruipende diertjies wat op die
aarde wemel, julle mag dit nie
eet nie, want dit is ’n gruwel.[e]
**43** Moenie julle siel ’n gruwel
maak deur enige van die krui-
pende diertjies wat wemel nie,
en julle moet julle nie daardeur
onrein maak en daardeur on-
rein word nie.[f] **44** Want ek is
Jehovah julle God;[g] en julle
moet julle heilig en julle moet
heilig wees,[h] want ek is heilig.[i]
Daarom mag julle julle siel nie
onrein maak deur enige krui-
pende diertjie wat op die aarde
kruip nie. **45** Want ek is Jeho-
vah wat julle uit Egipteland laat
optrek om my aan julle as God
te bewys;[j] en julle moet heilig
wees,[k] want ek is heilig.[l]

**46** “‘Dit is die wet oor die
viervoetige diere en die voëls
en al die lewende siele wat in die
waters beweeg[m] en aangaande
al die siele wat op die aarde
wemel, **47** om ’n onderskeid
te maak[n] tussen wat onrein en
rein is en tussen die dier wat
eetbaar is en die dier wat nie ge-
eet mag word nie.’ ”

**12** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en ge-
sê: **2** “Praat met die kinders
van Israel en sê: ‘As ’n vrou
saad ontvang[a] en ’n seun baar,
sal sy sewe dae onrein wees;
soos in die dae van die onrein-
heid wanneer sy menstrueer,
sal sy onrein wees.[b] **3** En op
die agtste dag moet die vlees
van sy voorhuid besny word.[c]
**4** Nog drie-en-dertig dae moet
sy in die reinigingsbloed bly. Sy
mag aan niks heiligs raak nie,
en sy mag nie in die heiligdom
inkom totdat die dae van haar
reiniging vervul is nie.[d]

**5** “‘En as sy ’n dogter baar,
dan sal sy veertien dae onrein
wees, soos gedurende haar men-
struasie. Nog ses-en-sestig dae
moet sy met die reinigingsbloed
bly. **6** Wanneer die dae van
haar reiniging vir ’n seun of vir
’n dogter vervul is, dan moet sy
’n jong ram in sy eerste jaar
as ’n brandoffer[e] en ’n jong duif
of ’n tortelduif[f] as ’n sondoffer
bring na die ingang van die tent
van samekoms na die priester
toe. **7** En hy moet dit voor Je-
hovah aanbied en vir haar ver-
soening doen, en sy sal rein
wees van die bron van haar
bloed.[g] Dit is die wet oor haar
wat baar, hetsy dit ’n seun of
’n dogter is. **8** Maar as sy nie
’n skaap kan bekostig nie, dan
moet sy twee tortelduiwe of
twee jong duiwe[h] neem, een as
’n brandoffer en een as ’n sond-
offer, en die priester moet vir
haar versoening doen,[i] en sy sal
rein wees.’ ”

**13** En Jehovah het met Mo-
ses en Aäron gepraat en
gesê: **2** “As ’n mens in die vel
van sy vlees ’n uitslag of ’n

HFST. 11
a Le 11:24, Nu 19:11, Nu 19:16
b Le 17:15, Le 22:8, De 14:21, Ese 4:14, Ese 44:31, Han 10:13
c Le 11:21
d Ge 3:14, Mi 7:17
e De 14:3
f Le 20:25
g Eks 20:2, De 5:6
h Eks 19:6, Le 19:2, De 14:2, 1Te 4:7, 1Pe 1:15
i 1Pe 1:16, Op 4:8
j Ge 46:4, Eks 6:7, Eks 29:46, Ps 81:10, Ho 11:1
k Eks 22:31, Le 20:7, Le 20:26, Nu 15:40, De 7:6
l Jos 24:19, 1Sa 2:2, 1Sa 6:20
m Ge 1:21
n Le 10:10, Le 20:25, Ese 22:26, Ese 44:23

Tweede kol.

HFST. 12
a Ge 4:1
b Le 15:19
c Ge 17:12, Ge 21:4, Lu 1:59, Lu 2:21, Joh 7:22
d Lu 2:22
e Le 1:4, Le 1:10
f Le 15:14
g Le 15:28
h Le 1:14, Le 5:7, Le 14:22, Lu 2:24
i Le 4:26, Le 6:7, Nu 15:25

roof[a] of ’n vlek kry, en dit in
die vel van sy vlees tot die
plaag van melaatsheid[b] ontwik-
kel, dan moet hy na die pries-
ter Aäron of na een van sy
seuns, die priesters, gebring
word.[c] **3** En die priester moet
die plaag in die vel van die vlees
bekyk.[d] Wanneer die hare op
die plaag wit geword het en dit
lyk of die plaag dieper as die vel
van sy vlees is, is dit die plaag
van melaatsheid. En die pries-
ter moet dit bekyk, en hy moet
hom onrein verklaar. **4** Maar
as dit ’n wit vlek in die vel van
sy vlees is en dit nie dieper lyk
as die vel nie en die hare daar-
van nie wit geword het nie, dan
moet die priester die een met
die plaag sewe dae onder kwa-
rantyn plaas.[e] **5** En die pries-
ter moet hom op die sewende
dag bekyk, en as die plaag vol-
gens die voorkoms daarvan op-
gehou het, die plaag nie in die
vel versprei het nie, dan moet
die priester hom nog sewe dae
onder kwarantyn plaas.[f]

**6** “En die priester moet hom
op die sewende dag vir die twee-
de keer bekyk, en as die plaag
dof geword het en die plaag nie
in die vel versprei het nie, dan
moet die priester hom rein ver-
klaar. Dit was ’n roof. En hy
moet sy klere was en sal rein
wees. **7** Maar as die roof son-
der twyfel in die vel versprei
het nadat hy vir die vasstel-
ling van sy reiniging voor die
priester verskyn het, dan moet
hy vir die tweede keer voor die
priester verskyn,[g] **8** en die
priester moet kyk; en as die
roof in die vel versprei het, dan
moet die priester hom onrein
verklaar. Dit is melaatsheid.[h]

**9** “As die plaag van melaats-
heid by ’n mens ontstaan, dan
moet hy na die priester toe ge-
bring word. **10** En die pries-
ter moet kyk;[a] en as daar ’n
wit uitslag in die vel is en dit
die hare wit laat word het en
daar rou, lewende vlees[b] in die
uitslag is, **11** is dit chroniese
melaatsheid[c] in die vel van sy
vlees; en die priester moet hom
onrein verklaar. Hy moet hom
nie onder kwarantyn plaas[d] nie,
want hy is onrein. **12** En as
die melaatsheid sonder twyfel
in die vel uitbreek, en die me-
laatsheid die hele vel van die
een met die plaag bedek, van sy
kop tot sy voete, so ver as wat
die oë van die priester kan sien,
**13** en die priester gekyk het en
die melaatsheid sy hele vlees
bedek het, dan moet hy die
plaag rein verklaar. Alles aan
hom het wit geword. Hy is rein.
**14** Maar op die dag dat lewende
vlees daarin verskyn, sal hy on-
rein wees. **15** En die priester[e]
moet die lewende vlees sien, en
hy moet hom onrein verklaar.
Die lewende vlees is onrein. Dit
is melaatsheid.[f] **16** Of as die
lewende vlees weer verdwyn en
dit wit word, dan moet hy na
die priester toe kom. **17** En
die priester moet hom bekyk,[g]
en as die plaag wit geword het,
dan moet die priester die plaag
rein verklaar. Hy is rein.

**18** “As daar in die vel van
die vlees ’n sweer[h] ontstaan en
dit gesond word, **19** en daar in
die plek van die sweer ’n wit
uitslag of ’n rooierige wit vlek
ontstaan het, dan moet hy hom
vir die priester wys. **20** En
die priester moet kyk,[i] en as
dit dieper lyk as die vel en die
hare daarvan wit geword het,
dan moet die priester hom on-
rein verklaar. Dit is die plaag
van melaatsheid. Dit het in die
sweer uitgebreek. **21** Maar as
die priester dit bekyk en daar
geen wit hare daarop is nie en
dit nie dieper as die vel is nie

**HFST. 13**
a Le 14:56
b Nu 12:10; 2Kr 26:19; Mt 8:3
c De 24:8; Mal 2:7; Lu 17:14
d Le 10:10; Ese 44:23
e Le 14:38; Nu 12:15
f Le 14:46
g Le 13:27
h Nu 12:12

**Tweede kol.**
a Le 13:3; 2Kr 26:20
b Le 13:24
c 2Kr 26:21
d Le 13:4
e De 24:8
f Le 13:8
g Lu 5:14; Lu 17:14
h De 28:27; 2Kn 20:7; Job 2:7
i Le 10:10; Ese 44:23

en dit dof is, dan moet die priester hom sewe dae onder kwarantyn plaas.[a] **22** En as dit sonder twyfel in die vel versprei, dan moet die priester hom onrein verklaar. Dit is ’n plaag. **23** Maar as die vlek op sy plek bly, dit nie versprei het nie, is dit die ontsteking[b] van die sweer; en die priester moet hom rein verklaar.[c]

**24** “Of as daar in die vel van die vlees ’n litteken as gevolg van vuur is, en die rou vlees van die litteken ’n rooierige wit of ’n wit vlek word, **25** dan moet die priester dit bekyk; en as die hare op die vlek wit geword het en dit dieper lyk as die vel, is dit melaatsheid. Dit het in die litteken uitgebreek, en die priester moet hom onrein verklaar. Dit is die plaag van melaatsheid. **26** Maar as die priester dit bekyk en daar geen wit hare op die vlek is nie en dit nie dieper as die vel is nie en dit dof is, dan moet die priester hom sewe dae onder kwarantyn plaas. **27** En die priester moet hom op die sewende dag bekyk. As dit sonder twyfel in die vel versprei, dan moet die priester hom onrein verklaar. Dit is die plaag van melaatsheid. **28** Maar as die vlek op sy plek bly, dit nie in die vel versprei het nie en dit dof is, is dit ’n uitslag van die litteken; en die priester moet hom rein verklaar, want dit is ’n ontsteking van die litteken.

**29** “As daar by ’n man of ’n vrou ’n plaag aan die kop of aan die ken ontstaan, **30** dan moet die priester[d] die plaag sien; en as dit dieper lyk as die vel, en die hare daarop geel en yl is, dan moet die priester so iemand onrein verklaar. Dit is abnormale haarverlies.[e] Dit is melaatsheid van die kop of van die ken. **31** Maar as die priester die plaag van abnormale haarverlies sien, en kyk! dit lyk nie dieper as die vel nie en daar is geen swart hare daarop nie, dan moet die priester die een met die plaag van abnormale haarverlies sewe dae[a] onder kwarantyn plaas.[b] **32** En die priester moet die plaag op die sewende dag bekyk; en as die abnormale haarverlies nie versprei het nie, en geen geel hare daarop gekom het nie en die abnormale haarverlies[c] nie dieper lyk as die vel nie, **33** dan moet hy geskeer word, maar die plek van die abnormale haarverlies moet hy nie laat skeer nie;[d] en die priester moet die een met die abnormale haarverlies weer sewe dae onder kwarantyn plaas.

**34** “En die priester moet die abnormale haarverlies op die sewende dag bekyk; en as die abnormale haarverlies nie in die vel versprei het nie en dit nie dieper lyk as die vel nie, dan moet die priester hom rein verklaar,[e] en hy moet sy klere was en sal rein wees. **35** Maar as die abnormale haarverlies ná die vasstelling van sy reiniging sonder twyfel in die vel versprei, **36** dan moet die priester[f] hom sien; en as die abnormale haarverlies in die vel versprei het, hoef die priester nie na geel hare te soek nie; hy is onrein. **37** Maar as die abnormale haarverlies volgens die voorkoms daarvan opgehou het en swart hare daarop gegroei het, het die abnormale haarverlies gesond geword. Hy is rein, en die priester moet hom rein verklaar.[g]

**38** “As daar by ’n man of ’n vrou vlekke,[h] wit vlekke, in die vel van hulle vlees ontstaan, **39** dan moet die priester[i] kyk;

**HFST. 13**
a Le 13:4 Le 14:38 Nu 12:15
b De 28:22
c Lu 5:14 Lu 17:14
d De 24:8 Mal 2:7
e Le 14:54

**Tweede kol.**
a Le 13:4
b Le 14:38 Nu 12:15
c Le 14:54
d Le 14:8
e Le 13:23 Mr 1:42 Lu 5:13
f Ese 22:26 Lu 17:14
g Mt 8:4 Mr 1:44
h Le 13:2
i Le 10:10

en as dit dowwe wit vlekke in
die vel van hulle vlees is, is dit
’n onskadelike uitslag. Dit het
in die vel uitgebreek. Hy is rein.
**40** “As ’n man se kop kaal
word,[a] is dit kaalhoofdigheid.
Hy is rein. **41** En as sy kop
aan die voorkant kaal word, is
dit voorkopkaalheid. Hy is rein.
**42** Maar as ’n rooierige wit
plaag in die kaalheid van die
kroon of van die voorkop ont-
staan, is dit melaatsheid wat
in die kaalheid van sy kroon
of van sy voorkop uitbreek.
**43** En die priester[b] moet hom
bekyk; en as daar ’n uitslag is
van die rooierige wit plaag in
die kaalheid van sy kroon of
van sy voorkop wat lyk soos
melaatsheid in die vel van die
vlees, **44** is hy ’n melaatse.
Hy is onrein. Die priester moet
hom onrein verklaar. Sy plaag
is op sy kop. **45** Wat die me-
laatse betref op wie die plaag
is, sy klere moet geskeur wees,[c]
en sy kop moet onversorg ge-
laat word,[d] en hy moet die snor
bedek[e] en uitroep: ‘Onrein, on-
rein!’[f] **46** Al die dae dat die
plaag op hom is, sal hy on-
rein wees. Hy is onrein. Hy
moet afgesonderd woon. Buite
die kamp[g] is sy woonplek.
**47** “As die plaag van melaats-
heid in ’n kledingstuk ontstaan,
in ’n wolkledingstuk of in ’n
linnekledingstuk, **48** of in die
skering[h] of in die inslag van die
linne en van die wol, of in ’n vel
of in enigiets wat van vel ge-
maak is,[i] **49** en die geelgroen
of rooierige plaag ontstaan in
die kledingstuk of in die vel
of in die skering of in die in-
slag of in enige voorwerp van
vel, is dit die plaag van melaats-
heid, en dit moet vir die pries-
ter gewys word. **50** En die
priester[j] moet die plaag sien,
en hy moet die voorwerp met
die plaag sewe dae onder kwa-
rantyn plaas.[a] **51** Wanneer hy
die plaag op die sewende dag ge-
sien het en bevind het dat die
plaag versprei het in die kle-
dingstuk of in die skering of in
die inslag[b] of in die vel, vir wat-
ter doel die vel ook al gebruik
word, is die plaag kwaadaar-
dige melaatsheid.[c] Dit is onrein.
**52** En hy moet die kledingstuk
of die skering of die inslag van
die wol of van die linne,[d] of eni-
ge voorwerp van vel waarin die
plaag ontstaan, verbrand, want
dit is kwaadaardige[e] melaats-
heid. Dit moet met vuur ver-
brand word.
**53** “Maar as die priester kyk
en die plaag nie in die kleding-
stuk of in die skering of in die
inslag of in enige voorwerp van
vel[f] versprei het nie, **54** dan
moet die priester beveel dat hul-
le die voorwerp was waarin die
plaag is, en hy moet dit ’n twee-
de keer sewe dae onder kwaran-
tyn plaas. **55** En die priester
moet na die plaag kyk nadat dit
uitgewas is, en as die plaag nog
dieselfde lyk, al het die plaag
nie versprei nie, is dit onrein.
Jy moet dit met vuur verbrand.
Dit is ’n dun plek op ’n versle-
te stuk aan die agterkant of aan
die voorkant daarvan.
**56** “Maar as die priester ge-
kyk het en die plaag dof is na-
dat dit uitgewas is, dan moet
hy dit uit die kledingstuk of die
vel of die skering of die inslag
uitskeur. **57** As dit egter nog
steeds sigbaar is in die kleding-
stuk of in die skering of in die
inslag[g] of in enige voorwerp van
vel, is dit aan die uitbreek. Jy
moet die voorwerp waarin die
plaag is, met vuur verbrand.[h]
**58** Wat die kledingstuk betref
of die skering of die inslag of
enige voorwerp van vel wat jy
was, wanneer die plaag daaruit

**HFST. 13**
a 2Kn 2:23
b Ese 44:23
c 2Sa 13:19, Esr 9:5
d Le 10:6, Le 21:10
e Ese 24:17, Mi 3:7
f Klg 4:15
g Nu 5:2, Nu 12:14, 2Kn 7:3, 2Kr 26:21
h Le 13:53, Le 13:59
i Ge 21:15, Le 13:53, Mr 2:22
j Le 10:10, Ese 44:23

**Tweede kol.**
a Le 13:4
b Le 13:58
c Le 14:44
d Eks 28:39, Eks 39:28
e Le 14:44
f Ge 3:21, Ge 21:14, Ese 16:10, Mt 3:4
g Le 13:48
h Le 13:52

verdwyn het, dan moet dit ’n
tweede keer gewas word; en dit
sal rein wees.
**59** “Dit is die wet oor die
plaag van melaatsheid in ’n kle-
dingstuk van wol of van linne[a]
of in die skering of in die inslag
of in enige voorwerp van vel,
om dit rein te verklaar of om dit
onrein te verklaar.”

**14** En Jehovah het voortge-
gaan om met Moses te
praat en gesê: **2** “Dít sal die
wet van die melaatse[b] word
op die dag van die vasstel-
ling van sy reiniging, wanneer
hy na die priester toe gebring
moet word.[c] **3** En die pries-
ter moet buite die kamp gaan,
en die priester moet kyk; en as
die melaatse genees is[d] van die
plaag van melaatsheid, **4** dan
moet die priester bevel gee;
en hy moet, om homself te rei-
nig, twee lewende rein voëls[e]
en sederhout[f] en karmosynrooi
stof[g] en hisop[h] bring. **5** En die
priester moet bevel gee, en die
een voël moet in ’n erdehouer
oor lopende water[i] doodgemaak
word. **6** Wat die lewende voël
betref, hy moet dié en die seder-
hout en die karmosynrooi stof
en die hisop neem, en hy moet
dit en die lewende voël doop in
die bloed van die voël wat oor
die lopende water doodgemaak
is. **7** Dan moet hy dit sewe
keer[j] spat[k] op die een wat hom-
self van die melaatsheid reinig,
en hy moet hom rein verklaar,[l]
en hy moet die lewende voël oor
die oop veld wegstuur.[m]
**8** “En die een wat homself
reinig, moet sy klere was[n] en
al sy hare afskeer en in water
bad[o] en sal rein wees, en daar-
na mag hy in die kamp inkom.
En hy moet sewe dae lank bui-
te sy tent bly.[p] **9** En op die se-
wende dag moet hy al sy hare af-
skeer, van sy kop[a] en sy ken en
sy wenkbroue. Ja, hy moet al sy
hare afskeer, en hy moet sy kle-
re was en sy vlees in water bad;
en hy sal rein wees.
**10** “En op die agtste[b] dag
moet hy twee jong ramme son-
der gebrek neem en een ooi-
lam sonder gebrek,[c] in haar eer-
ste jaar, en drie tiendes van
’n efa fynmeel as ’n graanof-
fer,[d] met olie bevogtig, en een
log olie;[e] **11** en die priester
wat hom rein verklaar, moet
die man wat homself reinig, en
hierdie dinge, voor Jehovah by
die ingang van die tent van sa-
mekoms stel. **12** En die pries-
ter moet die een jong ram neem
en dit saam met die log[f] olie as
’n skuldoffer[g] bring, en hy moet
dit as ’n beweegoffer[h] voor Je-
hovah heen en weer beweeg.
**13** En hy moet die jong ram op
die plek slag[i] waar die sondoffer
en die brandoffer gereeld geslag
word, op ’n heilige plek,[j] want
die skuldoffer behoort net soos
die sondoffer aan die priester.[k]
Dit is iets hoogheiligs.
**14** “En die priester moet van
die bloed van die skuldoffer
neem, en die priester moet dit
aan die regteroorlel smeer van
die een wat homself reinig en
aan die duim van sy regterhand
en aan die groottoon van sy
regtervoet.[l] **15** En die pries-
ter moet van die log[m] olie neem
en dit in die priester se lin-
kerpalm gooi. **16** En die pries-
ter moet sy regtervinger in die
olie doop wat in sy linkerpalm is
en moet met sy vinger van die
olie sewe keer[n] voor Jehovah
spat. **17** En van die res van
die olie wat in sy palm is, moet
die priester aan die regteroor-
lel smeer van die een wat hom-
self reinig en aan die duim van
sy regterhand en aan die groot-
toon van sy regtervoet, bo-oor

**HFST. 13**
a Le 13:47

**HFST. 14**
b Le 13:2
c Mr 1:44, Lu 5:14
d Lu 7:22, Lu 17:15
e Le 1:14, Le 14:30, Le 14:49
f Nu 19:6
g Heb 9:19
h Eks 12:22, Le 14:51, Nu 19:18, 1Kn 4:33, Ps 51:7
i Le 14:50, Le 15:13
j 2Kn 5:10
k Heb 9:13
l Le 13:23
m Le 16:22, Ps 103:12
n Le 13:6
o Le 15:6
p Le 13:5, Nu 5:2, Nu 12:15

**Tweede kol.**
a Le 13:33
b Le 15:14
c Le 4:32
d Le 2:1
e Mr 1:44
f Le 14:24
g Le 5:2, Le 6:6
h Eks 29:24, Le 7:30, Nu 8:11
i Le 1:11, Le 4:4, Le 6:25
j Le 7:6
k Le 2:3, Le 7:7, 1Ko 9:13, 1Ko 10:18
l Eks 29:20
m Le 14:10, Le 14:24
n Le 4:6, Le 4:17

die bloed van die skuldoffer.[a]
**18** En wat oorbly van die olie
wat in die priester se palm is,
moet hy op die kop smeer van
die een wat homself reinig, en
die priester moet vir hom ver-
soening doen[b] voor Jehovah.
**19** "En die priester moet die
sondoffer[c] offer en versoening
doen vir die een wat homself
van sy onreinheid reinig, en
daarna moet hy die brandoffer
slag. **20** En die priester moet
die brandoffer en die graanof-
fer[d] op die altaar offer, en die
priester[e] moet vir hom versoe-
ning doen;[f] en hy sal rein wees.[g]
**21** "As hy egter arm is[h] en
nie die middele het nie,[i] dan
moet hy een jong ram as 'n
skuldoffer, as 'n beweegoffer,
neem om vir hom versoening te
doen, en een tiende van 'n efa
fynmeel met olie bevogtig as
'n graanoffer, en 'n log olie,
**22** en twee tortelduiwe[j] of twee
jong duiwe, na gelang van sy
middele, en die een moet dien as
'n sondoffer en die ander as 'n
brandoffer. **23** En op die agt-
ste dag[k] moet hy hulle vir die
vasstelling van sy reiniging[l] na
die priester toe bring by die in-
gang van die tent van same-
koms[m] voor Jehovah.
**24** "En die priester moet die
jong skuldofferram[n] en die log
olie neem, en die priester moet
dit as 'n beweegoffer voor Je-
hovah heen en weer beweeg.[o]
**25** En hy moet die jong skuld-
offerram slag, en die priester
moet van die bloed van die
skuldoffer neem en dit aan die
regteroorlel smeer van die een
wat homself reinig en aan die
duim van sy regterhand en aan
die grootoon van sy regter-
voet.[p] **26** En die priester
moet van die olie in die priester
se linkerpalm gooi.[q] **27** En die
priester moet met sy regtervin-
ger van die olie wat in sy linker-
palm is, sewe keer voor Jeho-
vah spat.[a] **28** En die priester
moet van die olie wat in sy palm
is, aan die regteroorlel smeer
van die een wat homself reinig
en aan die duim van sy regter-
hand en aan die groottoon van
sy regtervoet, bo-oor die plek
van die bloed van die skuldof-
fer.[b] **29** En wat oorbly van die
olie wat in die priester se palm
is, moet hy op die kop smeer[c]
van die een wat homself reinig,
om vir hom versoening te doen
voor Jehovah.
**30** "En hy moet een van die
tortelduiwe of van die jong
duiwe waarvoor hy die midde-
le het, offer,[d] **31** een van dié
waarvoor hy die middele het
as 'n sondoffer[e] en die ander
as 'n brandoffer,[f] saam met die
graanoffer; en die priester moet
voor Jehovah versoening doen[g]
vir die een wat homself reinig.
**32** "Dit is die wet vir die een
op wie die plaag van melaats-
heid was, wat by die vasstelling
van sy reiniging nie die middele
het nie."
**33** En Jehovah het met Mo-
ses en Aäron gepraat en gesê:
**34** "Wanneer julle in die land
Kanaän kom,[h] wat ek julle as 'n
besitting gee,[i] en ek die plaag
van melaatsheid in 'n huis van
die land van julle besitting laat
kom,[j] **35** dan moet hy aan wie
die huis behoort, vir die pries-
ter kom vertel en sê: 'Ek het
iets wat soos 'n plaag lyk in die
huis gesien.' **36** En die pries-
ter moet bevele gee, en hulle
moet die huis ontruim voordat
die priester inkom om die plaag
te sien, sodat hy nie alles wat
in die huis is, onrein verklaar
nie; en daarna moet die pries-
ter inkom om die huis te bekyk.
**37** Wanneer hy die plaag ge-
sien het, en as die plaag aan die

**HFST. 14**
a Le 8:24
b Le 6:7, 1Jo 1:7, 1Jo 2:2
c Le 5:6
d Le 2:1, Le 14:10, Nu 15:4
e Le 4:26, Le 10:10, Heb 2:17
f Mt 8:4, Lu 5:14
g Le 14:9
h Ps 72:13, Spr 17:5, Spr 22:2, Lu 6:20
i Le 5:7, Le 12:8
j Le 1:14
k Le 15:13, Le 15:14, Nu 12:14
l Le 14:2, Le 14:7
m Le 14:11
n Le 5:2, Le 6:6
o Le 14:12
p Le 8:23, Le 14:14
q Le 14:15

**Tweede kol.**
a Le 14:7
b Le 14:17
c Le 14:10, Le 14:18
d Le 12:8, Le 14:22, 2Ko 8:12
e Le 5:7
f Le 1:14
g Le 14:20
h Le 23:10, Nu 35:10, De 26:1
i Ge 17:8, Nu 32:22, De 6:10
j De 7:12, De 7:15, Spr 3:33

mure van die huis is, met geel-
groen of rooierige holtes, en dit
dieper lyk as die muuropper-
vlak, **38** dan moet die priester
uit die huis uitgaan na die in-
gang van die huis, en hy moet
die huis sewe dae onder kwa-
rantyn plaas.[a]

**39** “En die priester moet op
die sewende dag terugkeer en
kyk;[b] en as die plaag aan die
mure van die huis versprei het,
**40** dan moet die priester beve-
le gee, en hulle moet die klippe
uitbreek[c] waaraan die plaag is,
en hulle moet dit buite die stad
op ’n onrein plek gooi. **41** En
hy moet die huis binnekant
rondom laat afkrap, en hulle
moet die messelklei wat hulle
afgekrap het, buite die stad op
’n onrein plek gooi. **42** En hul-
le moet ander klippe neem en
dit in die plek van die vori-
ge klippe insit; en hy moet an-
der messelklei laat neem, en hy
moet die huis laat pleister.

**43** “As die plaag egter terug-
keer en in die huis uitbreek na-
dat die klippe uitgebreek is en
nadat die huis afgekrap en ge-
pleister is, **44** dan moet die
priester[d] inkom en kyk; en as
die plaag in die huis versprei
het, is dit kwaadaardige me-
laatsheid[e] in die huis. Dit is on-
rein. **45** En hy moet die huis
laat afbreek met sy klippe en sy
balke en al die messelklei van
die huis en moet dit buite die
stad na ’n onrein plek laat uit-
dra.[f] **46** Maar elkeen wat in
die huis inkom al die dae dat dit
onder kwarantyn is,[g] sal tot die
aand toe onrein wees;[h] **47** en
elkeen wat in die huis gaan lê,
moet sy klere was,[i] en elkeen
wat in die huis eet, moet sy kle-
re was.

**48** “Maar as die priester tog
kom en hy kyk, en die plaag het
nie in die huis versprei nadat
die huis gepleister is nie, dan
moet die priester die huis rein
verklaar, want die plaag is ge-
nees.[a] **49** En om die huis van
sonde te reinig, moet hy twee
voëls[b] en sederhout[c] en karmo-
synrooi stof[d] en hisop neem.
**50** En hy moet die een voël in
’n erdehouer oor lopende water
doodmaak.[e] **51** En hy moet
die sederhout en die hisop[f] en
die karmosynrooi stof en die le-
wende voël neem en dit doop in
die bloed van die voël wat dood-
gemaak is en in die lopende wa-
ter, en hy moet dit sewe keer[g]
na die huis toe spat.[h] **52** En
hy moet die huis van sonde rei-
nig met die bloed van die voël
en die lopende water en die le-
wende voël en die sederhout en
die hisop en die karmosynrooi
stof. **53** En hy moet die lewen-
de voël buite die stad wegstuur,
die oop veld in, en moet vir die
huis versoening doen;[i] en dit sal
rein wees.

**54** “Dit is die wet oor elke
plaag van melaatsheid[j] en
oor die abnormale haarverlies[k]
**55** en oor die melaatsheid van
die kledingstuk[l] en in die huis,
**56** en oor die uitslag en die roof
en die vlek,[m] **57** om instruk-
sies te gee[n] oor wanneer iets on-
rein is en wanneer iets rein is.
Dit is die wet oor melaatsheid.”[o]

**15** En Jehovah het voortge-
gaan om met Moses en
Aäron te praat en gesê:
**2** “Praat met die kinders van Is-
rael, en julle moet vir hulle sê:
‘As enige man ’n lopende afskei-
ding[p] uit sy geslagsorgaan het,
is sy afskeiding onrein. **3** En
dít sal sy onreinheid deur sy af-
skeiding wees: Hetsy sy geslags-
orgaan ’n lopende afskeiding
laat vloei het of sy geslagsor-
gaan deur sy lopende afskeiding
verstop is, dit is sy onreinheid.

**HFST. 14**
a Nu 12:15
b Le 10:10, Le 13:6
c Le 13:56
d Le 14:3, Ese 44:23
e Le 13:51
f Le 14:41
g Le 14:38
h Le 11:24, Le 15:8, Le 17:15, Le 22:6, Nu 19:7
i Le 11:25, Le 13:6, Le 15:5, Nu 8:7

**Tweede kol.**
a Le 14:3, De 32:39
b Le 1:14
c Le 14:4, Nu 19:6
d Heb 9:19
e Le 14:6
f Eks 12:22, Nu 19:18, 1Kn 4:33, Ps 51:7
g Le 14:7
h Heb 9:13, 1Pe 1:2
i Le 12:8, Le 14:20, Heb 2:17
j Le 13:59
k Le 13:30
l Le 13:47
m Le 13:2
n Le 10:10, Ese 44:23
o De 24:8

**HFST. 15**
p Le 22:4, Nu 5:2, 2Sa 3:29

**4** “‘Elke bed waarop die een
met ’n lopende afskeiding lê, sal
onrein wees, en elke voorwerp
waarop hy sit, sal onrein wees.
**5** En iemand wat aan sy bed
raak, moet sy klere was, en hy
moet in water bad en sal tot die
aand toe onrein wees.[a] **6** En
elkeen wat op die voorwerp sit
waarop die een met ’n lopen-
de afskeiding gesit het, moet sy
klere was,[b] en hy moet in wa-
ter bad en sal tot die aand toe
onrein wees. **7** En elkeen wat
aan die vlees van die een met ’n
lopende afskeiding[c] raak, moet
sy klere was, en hy moet in wa-
ter bad en sal tot die aand toe
onrein wees.[d] **8** En as die een
met ’n lopende afskeiding spoeg
op iemand wat rein is, dan moet
dié een sy klere was en in water
bad, en hy sal tot die aand toe
onrein wees. **9** En elke saal[e]
waarop die een met ’n lopende
afskeiding gery het, sal onrein
wees. **10** En elkeen wat aan
enigiets raak wat onder hom is,
sal tot die aand toe onrein wees;
en hy wat dit dra, moet sy klere
was, en hy moet in water bad en
sal tot die aand toe onrein wees.
**11** En elkeen aan wie die een
met ’n lopende afskeiding[f] raak
sonder dat hy sy hande in wa-
ter afgespoel het, moet dan sy
klere was en in water bad en sal
tot die aand toe onrein wees.
**12** En ’n erdehouer waaraan
die een met ’n lopende afskei-
ding raak, moet gebreek word;[g]
en elke houthouer[h] moet met
water afgespoel word.

**13** “‘En as die een met ’n lo-
pende afskeiding rein word van
sy lopende afskeiding, dan moet
hy vir hom sewe dae vir sy rei-
niging tel,[i] en hy moet sy kle-
re was en sy vlees in lopende
water bad;[j] en hy sal rein wees.
**14** En op die agtste dag moet
hy vir hom twee tortelduiwe[k]
of twee jong duiwe neem, en hy
moet voor Jehovah kom by die
ingang van die tent van same-
koms en hulle vir die priester
gee. **15** En die priester moet
hulle offer, die een as ’n sond-
offer en die ander as ’n brand-
offer;[a] en die priester moet vir
hom versoening doen voor Je-
hovah met betrekking tot sy lo-
pende afskeiding.

**16** “‘En as daar van ’n man
’n saadstorting[b] uitgaan, dan
moet hy sy vlees heeltemal in
water bad en sal hy tot die aand
toe onrein wees. **17** En elke
kledingstuk en elke vel waarop
die saadstorting kom, moet met
water gewas word en sal tot die
aand toe onrein wees.[c]

**18** “‘Wat ’n vrou betref by
wie ’n man met ’n saadstorting
gaan lê, hulle moet in water bad
en sal tot die aand toe onrein
wees.[d]

**19** “‘En as ’n vrou ’n lopende
afskeiding het, en haar lopende
afskeiding in haar vlees bloed
is,[e] moet sy sewe dae in haar
menstruele[f] onreinheid[g] bly, en
elkeen wat aan haar raak, sal
tot die aand toe onrein wees.
**20** En alles waarop sy in haar
menstruele onreinheid lê, sal
onrein wees,[h] en alles waarop
sy sit, sal onrein wees. **21** En
elkeen wat aan haar bed raak,
moet sy klere was, en hy moet
in water bad en sal tot die
aand toe onrein wees.[i] **22** En
elkeen wat aan enige voorwerp
raak waarop sy gesit het, moet
sy klere was, en hy moet in
water bad en sal tot die aand
toe onrein wees.[j] **23** En as sy
op die bed of op ’n ander voor-
werp gesit het, sal hy, deurdat
hy daaraan raak,[k] tot die aand
toe onrein wees. **24** En as ’n
man wel by haar gaan lê en
haar menstruele onreinheid op
hom kom,[l] dan sal hy sewe dae

HFST. 15
a Le 11:25, Le 17:15
b Jes 1:16
c Le 22:4, Nu 5:2, 2Sa 3:29
d Le 11:24, Le 17:15
e Ge 31:34
f Le 15:2
g Le 6:28, Le 11:33
h Eks 7:19, Le 11:32
i Le 14:8, Le 14:23
j Le 15:5
k Le 1:14, Le 14:22, Nu 6:10

Tweede kol.
a Le 5:7, Le 14:19, Le 14:31
b Le 22:4, De 23:10
c Le 11:25
d Eks 19:15, 1Sa 21:5
e Le 20:18
f Le 12:2, Le 12:5, Le 15:26
g Ese 22:10, Ese 36:17
h Le 15:4
i Le 15:5
j Le 15:6
k Le 15:10
l Le 18:19, Le 20:18

onrein wees, en elke bed waarop hy lê, sal onrein wees.

**25** "'Wat 'n vrou betref, as die lopende afskeiding van haar bloed baie dae lank vloei,[a] terwyl dit nie die normale tyd van haar menstruele[b] onreinheid is nie, of as haar vloeiing langer duur as haar menstruele onreinheid, sal al die dae van haar onrein lopende afskeiding wees soos die dae van haar menstruele onreinheid. Sy is onrein. **26** Elke bed waarop sy gedurende al die dae van haar lopende afskeiding lê, sal vir haar soos die bed van haar menstruele onreinheid word,[c] en elke voorwerp waarop sy sit, sal onrein word soos die onreinheid van haar menstruele onreinheid. **27** En elkeen wat aan dié dinge raak,[d] sal onrein wees, en hy moet sy klere was en in water bad en sal tot die aand toe onrein wees.

**28** "'As sy egter rein geword het van haar lopende afskeiding, dan moet sy vir haar sewe dae tel, en daarna sal sy rein wees.[e] **29** En op die agtste dag moet sy vir haar twee tortelduiwe[f] of twee jong duiwe neem, en sy moet hulle na die priester toe bring by die ingang van die tent van samekoms.[g] **30** En die priester moet die een as 'n sondoffer en die ander as 'n brandoffer berei;[h] en die priester moet vir haar versoening doen[i] voor Jehovah met betrekking tot haar onrein lopende afskeiding.

**31** "'En julle moet die kinders van Israel afgesonderd hou van hulle onreinheid, sodat hulle nie in hulle onreinheid sterf, deurdat hulle my tabernakel, wat in hulle midde is, verontreinig nie.[j]

**32** "'Dit is die wet oor die man wat 'n lopende afskeiding[a] het en die man van wie 'n saadstorting[b] uitgaan, sodat hy daardeur onrein word, **33** en oor die menstruerende[c] vrou in haar onreinheid, en elkeen wie se lopende afskeiding vloei,[d] hetsy 'n man of 'n vrou, en oor 'n man wat by 'n onrein vrou gaan lê.'"

**16** En Jehovah het met Moses gepraat ná die dood van Aäron se twee seuns, wat gesterf het omdat hulle nader gekom het voor Jehovah.[e] **2** En Jehovah het vir Moses gesê: "Praat met jou broer Aäron dat hy nie te alle tye mag inkom in die heiligdom[f] binne die voorhangsel,[g] voor die deksel wat op die Ark is nie, sodat hy nie sterf nie;[h] want in 'n wolk[i] sal ek bokant die deksel verskyn.[j]

**3** "Met die volgende moet Aäron in die heiligdom inkom:[k] met 'n jong bul as 'n sondoffer[l] en 'n ram as 'n brandoffer.[m] **4** Hy moet die heilige linnekleed[n] aantrek, en die linnebroek[o] moet oor sy vlees kom, en hy moet hom met die linnelyfband[p] omgord en die linnetulband[q] om sy kop bind. Dit is heilige klere.[r] En hy moet sy vlees in water bad[s] en dit aantrek.

**5** "En van die vergadering van die kinders van Israel[t] moet hy twee jong bokramme as 'n sondoffer[u] en een ram as 'n brandoffer neem.[v]

**6** "En Aäron moet die sondofferbul, wat vir hom is, aanbied,[w] en hy moet vir hom[x] en sy huis[y] versoening doen.[z]

**7** "En hy moet die twee bokke neem en hulle voor Jehovah stel by die ingang van die tent van samekoms. **8** En Aäron moet oor die twee bokke die lot werp,[a] die een lot vir Jehovah en die ander lot vir Asa'sel.[b]

HFST. 15
a Mt 9:20, Mr 5:25, Lu 8:43
b Le 12:2, Le 15:19
c Le 15:21
d Le 15:10, Le 15:22
e Le 15:13
f Le 1:14, Le 15:14
g Nu 6:10
h Le 5:7, Le 14:31, Le 15:15
i Le 4:31, Le 12:7, 1Jo 2:2
j Le 19:30, Nu 5:3, Nu 19:20

Tweede kol.
a Le 15:2
b Le 15:16
c Le 15:19
d Le 15:25

HFST. 16
e Le 10:2
f Eks 30:10, Le 23:27, Heb 9:7
g Eks 40:21, Heb 6:19, Heb 9:3, Heb 10:20
h Nu 4:19
i Eks 40:34
j Eks 25:22
k Eks 26:33, Heb 9:7
l Le 4:3
m Le 1:3, Le 8:18
n Eks 28:39, Op 19:8
o Eks 28:42
p Eks 39:29
q Eks 28:4, 1Ko 11:3
r Eks 28:2
s Eks 30:20, Heb 10:22
t Le 4:14, Heb 7:27
u Nu 29:11, 2Kr 29:21, Esr 6:17
v Le 1:3
w Le 8:14, Heb 9:7
x Le 9:7, Heb 5:3
y Eks 30:30, Ps 135:19
z Heb 10:1
a Nu 26:55, Jos 18:10
b Le 14:7, Le 14:53

**9** En Aäron moet die bok aan-
bied waarop die lot[a] vir Jehovah
gekom het, en hy moet hom as
’n sondoffer berei.[b] **10** Maar
die bok waarop die lot vir Asa′-
sel gekom het, moet lewend
voor Jehovah gestel word, om
vir hom versoening te doen, ten
einde hom vir Asa′sel weg te
stuur,[c] die wildernis in.[d]
**11** “En Aäron moet die sond-
offerbul, wat vir hom is, aanbied
en vir hom en sy huis versoe-
ning doen; en hy moet die sond-
offerbul, wat vir hom is, slag.[e]
**12** “En hy moet die vuurbak[f]
vol brandende vuurkole van die
altaar[g] voor Jehovah neem, en
die holtes van sy twee hande[h]
vol fyn welriekende reukwerk,[i]
en hy moet dit binne die voor-
hangsel bring.[j] **13** Ook moet
hy die reukwerk op die vuur
plaas voor Jehovah,[k] en die
wolk van die reukwerk moet
die deksel[l] van die Ark, wat op
die Getuienis[m] is, oordek, sodat
hy nie sterf nie.
**14** “En hy moet van die bul se
bloed neem[n] en dit met sy vin-
ger voor die deksel spat, aan die
oostekant, en hy moet met sy
vinger van die bloed sewe keer
voor die deksel[o] spat.[p]
**15** “En hy moet die sondof-
ferbok slag, wat vir die volk is,[q]
en hy moet sy bloed binne die
voorhangsel bring[r] en met sy
bloed doen[s] soos hy met die bul
se bloed gedoen het; en hy moet
dit na die deksel toe en voor die
deksel spat.
**16** “En hy moet vir die hei-
ligdom versoening doen met be-
trekking tot die onreinhede[t]
van die kinders van Israel en
met betrekking tot hulle op-
standige dade in al hulle son-
des;[u] en so moet hy doen vir die
tent van samekoms, wat by hul-
le woon te midde van hulle on-
reinhede.
**17** “En geen ander mens mag
in die tent van samekoms wees
vandat hy ingaan om in die hei-
ligdom versoening te doen tot-
dat hy uitkom nie; en hy moet
vir hom[a] en vir sy huis en vir die
hele gemeente van Israel ver-
soening doen.[b]
**18** “En hy moet uitgaan na
die altaar,[c] wat voor Jehovah is,
en daarvoor versoening doen,
en hy moet van die bul se bloed
en van die bok se bloed neem en
dit rondom aan die horings
van die altaar smeer.[d] **19** Ook
moet hy met sy vinger van die
bloed sewe keer daarop spat[e] en
dit reinig en dit heilig van die
onreinhede van die kinders van
Israel.
**20** “Wanneer hy klaar ver-
soening gedoen het[f] vir die hei-
ligdom en die tent van same-
koms en die altaar, moet hy
ook die lewende bok aanbied.[g]
**21** En Aäron moet sy twee han-
de[h] op die kop van die lewen-
de bok lê en oor hom al die oor-
tredings[i] van die kinders van
Israel en al hulle opstandige
dade in al hulle sondes[j] bely,[k]
en hy moet dit op die kop van
die bok lê[l] en hom wegstuur
deur die hand van ’n man wat
gereed staan,[m] die wildernis
in.[n] **22** En die bok moet al hul-
le oortredings op hom dra[o] na
’n woeste land,[p] en hy moet die
bok wegstuur, die wildernis in.[q]
**23** “En Aäron moet in die
tent van samekoms ingaan en
die linneklere uittrek wat hy
aangetrek het toe hy in die
heiligdom ingegaan het, en hy
moet dit daar neerlê.[r] **24** En
hy moet sy vlees op ’n heilige
plek[s] in water bad[t] en sy kle-

**HFST. 16**
a Spr 16:33
b Han 2:23
c Le 14:7
d Le 16:22; Jes 53:4; Ro 15:3
e Le 16:6
f Heb 9:4
g Eks 40:29; Le 6:13; Nu 16:46
h Op 8:4
i Eks 30:34; Eks 30:36; Han 10:4; Op 5:8; Op 8:3
j Le 16:2; Heb 6:19; Heb 10:20
k Eks 25:22; Nu 16:7; 2Kn 19:15
l Eks 25:18; Eks 25:21; 1Kr 28:11
m Eks 25:21; Eks 34:29
n Heb 9:22
o Ro 3:25; Heb 9:24; Heb 9:25; Heb 10:4; Heb 10:12
p Heb 9:12; 1Pe 1:2
q Le 16:5; Heb 2:17; Heb 5:3; Heb 9:26; 1Jo 2:1; 1Jo 2:2
r Heb 6:19; Heb 9:3; Heb 9:7; Heb 10:20
s Le 17:11; Heb 9:22
t Ps 51:5; Pr 7:20; Ro 3:23
u De 32:5; 1Kn 8:46

**Tweede kol.**
a Le 9:7; Le 16:6; Heb 7:27
b Jes 53:6; Mr 10:45; Heb 2:9; Heb 9:7; Heb 9:12; 1Jo 2:2; Op 1:5
c Eks 38:1; Le 16:12
d Le 9:9; Heb 9:22
e Le 9:12
f Eks 29:36; Le 8:15; Le 16:16; Heb 9:23
g Le 16:8; Le 16:10; Op 5:9
h Le 1:4
i Ps 69:9; Jes 53:5; Ef 2:3

j 1Ko 15:3; 1Pe 2:24; k Ne 1:6; l Jes 53:6; 2Ko 5:21; m Mt 4:1; Lu 4:1; n Le 14:7; o Jes 53:12; Joh 1:29; Ro 15:3; Ef 1:7; Heb 9:28; 1Pe 2:24; 1Jo 3:5; p Ps 103:12; Ese 18:22; Mi 7:19; Heb 13:12; q Le 16:10; r Ese 42:14; Ese 44:19; s Le 6:16; Le 6:26; t Eks 30:20; Heb 9:9; Heb 10:22.

re aantrek[a] en uitgaan en sy
brandoffer[b] en die volk se
brandoffer[c] bring en vir hom en
vir die volk versoening doen.[d]
**25** En hy moet die vet van
die sondoffer op die altaar laat
rook.[e]

**26** “Wat die een[f] betref wat
die bok vir Asa′sel[g] weggestuur
het, hy moet sy klere was, en hy
moet sy vlees in water bad,[h] en
daarna mag hy in die kamp inkom.

**27** “Maar die sondofferbul en
die sondofferbok, waarvan die
bloed ingebring is om in die
heiligdom versoening te doen,
moet hy buite die kamp laat uitbring;
en hulle moet hulle velle
en hulle vleis en hulle mis met
vuur verbrand.[i] **28** En hy wat
hulle verbrand het, moet sy klere
was, en hy moet sy vlees in
water bad, en daarna mag hy in
die kamp inkom.

**29** “En dít moet vir julle ’n
insetting tot onbepaalde tyd
wees:[j] In die sewende maand, op
die tiende van die maand,[k] moet
julle julle siel kasty,[l] en julle
mag geen werk doen nie,[m] nie
die boorling of die inwonende
vreemdeling wat as ’n vreemdeling
onder julle woon nie.
**30** Want op hierdie dag moet
daar vir julle versoening[n] gedoen
word om julle rein te verklaar.
Julle sal van al julle sondes
rein wees voor Jehovah.[o]
**31** Dit is ’n sabbat[p] van volkome
rus vir julle, en julle moet
julle siel kasty. Dit is ’n insetting
tot onbepaalde tyd.

**32** “En die priester wat gesalf
sal word[q] en wie se hand
met mag gevul sal word om as
opvolger[r] van sy vader as priester
te dien,[s] moet versoening
doen en moet die linneklere
aantrek.[t] Dit is heilige klere.[u]
**33** En hy moet versoening doen
vir die allerheiligste plek,[v] en
vir die tent[a] van samekoms en
vir die altaar[b] moet hy versoening
doen; en vir die priesters
en vir die hele volk van die gemeente
moet hy versoening
doen.[c] **34** En dit moet vir julle
’n insetting tot onbepaalde tyd
wees,[d] om een keer in die jaar
vir die kinders van Israel versoening
te doen met betrekking
tot al hulle sondes.”[e]

Gevolglik het hy gedoen net
soos Jehovah Moses beveel het.

**17** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en gesê:
**2** “Praat met Aäron en sy
seuns en al die kinders van Israel,
en jy moet vir hulle sê: ‘Dít
is die saak wat Jehovah beveel
het deur te sê:

**3** “‘“Wat enige man van die
huis van Israel betref wat ’n
bul of ’n jong ram of ’n bok
in die kamp slag of wat dit
buite die kamp slag **4** en dit
nie na die ingang van die tent
van samekoms bring[f] om dit
voor die tabernakel van Jehovah
as ’n offer vir Jehovah aan
te bied nie, dié man sal bloedskuld
toegereken word. Hy het
bloed vergiet en dié man moet
uitgeroei word onder sy volk
uit,[g] **5** sodat die kinders van
Israel hulle offerandes, wat hulle
op die oop veld offer,[h] kan
bring, en hulle moet dit aan Jehovah
bring, na die ingang van
die tent van samekoms na die
priester toe,[i] en hulle moet dit
as gemeenskapsoffers aan Jehovah
offer.[j] **6** En die priester
moet die bloed op Jehovah
se altaar[k] by die ingang van die
tent van samekoms sprinkel,
en hy moet die vet[l] laat rook
as ’n rustige geur vir Jehovah.[m]
**7** En hulle mag nie meer hulle
offerandes aan die demone in

**m** Le 3:5; Le 4:31.

HFST. 16
a Eks 28:4; Le 8:7
b Le 16:3
c Le 16:5
d Ef 1:7
e Eks 29:13; Le 3:16
f Le 16:21
g Le 16:8
h Nu 19:7; Heb 9:10
i Le 4:12; Le 8:17; Heb 13:11; Heb 13:12
j Eks 30:10
k Le 23:27; Nu 29:7
l Ps 35:13; Jes 58:5; 2Ko 7:10
m Le 23:28
n Joh 3:16; Ro 8:32; Tit 2:14; 1Jo 1:7; 1Jo 3:16
o Ps 51:2; Jer 33:8; Ese 36:25; Ef 5:26; Heb 9:14; Heb 10:2
p Le 23:32
q Eks 29:7; Le 8:12; Han 10:38; Heb 1:9
r Nu 20:26
s Eks 29:29; Le 8:33; Heb 5:5; Heb 5:10; Heb 7:11; Heb 7:16
t Eks 28:39; Eks 39:28; Le 16:4
u Eks 28:2; Op 19:8
v Le 16:16

Tweede kol.
a Le 16:20
b Eks 29:36; Le 8:15; Le 16:18
c Le 16:24; 1Jo 2:2
d Le 23:31; Nu 29:7
e Eks 30:10; Heb 9:7

HFST. 17
f Le 1:3; De 6:1; De 12:21
g Le 18:29; Le 20:2
h 2Kn 16:4; Ese 20:28
i De 12:5; De 12:18
j Le 3:2; Le 7:11
k Le 3:8
l Le 3:16; Le 7:31

bokgedaantes offer,[a] waarmee
hulle onsedelike gemeenskap
het nie.[b] Dit moet vir julle ’n
insetting tot onbepaalde tyd
wees, in al julle geslagte.” ’
8 “En jy moet vir hulle sê:
‘Wat enige man van die huis
van Israel betref of ’n inwo-
nende vreemdeling wat as ’n
vreemdeling onder julle woon,
wat ’n brandoffer[c] of ’n offeran-
de bring 9 en dit nie na die
ingang van die tent van same-
koms bring om dit aan Jehovah
te offer nie,[d] dié man moet uit
sy volk uitgeroei word.[e]
10 “ ‘Wat enige man van die
huis van Israel betref of ’n in-
wonende vreemdeling wat as ’n
vreemdeling onder julle woon,
wat enige bloed eet[f]—teen die
siel wat die bloed eet, sal ek be-
slis my aangesig rig,[g] en ek sal
hom inderdaad uitroei onder sy
volk uit. 11 Want die siel van
die vlees is in die bloed,[h] en ek
het dit vir julle op die altaar
geplaas om vir julle siel versoe-
ning te doen,[i] want die bloed[j]
doen versoening[k] deur die siel
wat daarin is. 12 Daarom het
ek vir die kinders van Israel
gesê: “Geen siel onder julle
mag bloed eet nie, en geen in-
wonende vreemdeling wat as ’n
vreemdeling onder julle woon,[l]
mag bloed eet nie.”[m]
13 “ ‘Wat enige man van die
kinders van Israel betref of
’n inwonende vreemdeling wat
as ’n vreemdeling onder julle
woon, wat tydens die jag ’n wil-
de dier of ’n voël vang wat ge-
eet mag word, hy moet in dié
geval die bloed daarvan uit-
giet[n] en dit met stof bedek.[o]
14 Want die siel van elke soort
vlees is sy bloed deur die siel
wat daarin is. Daarom het ek
vir die kinders van Israel gesê:
“Julle mag nie die bloed van eni-
ge soort vlees eet nie, want die
siel van elke soort vlees is sy
bloed.[a] Elkeen wat dit eet, moet
uitgeroei word.”[b] 15 Wat eni-
ge siel betref wat ’n dier eet wat
doodgegaan het of iets wat deur
’n wilde dier verskeur is[c]—het-
sy ’n boorling of ’n inwonende
vreemdeling—hy moet in dié
geval sy klere was en in water
bad en sal tot die aand toe on-
rein wees;[d] en hy sal rein wees.
16 Maar as hy dit nie was nie
en sy vlees nie bad nie, dan
moet hy verantwoording doen
vir sy oortreding.’ ”[e]

**18** En Jehovah het voortge-
gaan om met Moses te
praat en gesê: 2 “Praat met
die kinders van Israel, en jy
moet vir hulle sê: ‘Ek is Jeho-
vah julle God.[f] 3 Soos Egipte-
land doen, waarin julle gewoon
het, mag julle nie doen nie;[g]
en soos die land Kanaän doen,
waarin ek julle bring, mag jul-
le nie doen nie;[h] en in hulle
insettinge mag julle nie wan-
del nie. 4 My regterlike be-
slissings[i] moet julle uitvoer, en
my insettinge[j] moet julle onder-
hou om daarin te wandel.[k] Ek is
Jehovah julle God. 5 En julle
moet my insettinge en my reg-
terlike beslissings onderhou, en
as ’n mens dit nakom, sal hy ook
daardeur lewe.[l] Ek is Jehovah.[m]
6 “ ‘Niemand van julle mag
naby enige vleeslike naverwant
van hom kom om naaktheid te
ontbloot nie.[n] Ek is Jehovah.
7 Die naaktheid van jou vader[o]
en die naaktheid van jou moe-
der mag jy nie ontbloot nie.
Sy is jou moeder. Jy mag haar
naaktheid nie ontbloot nie.
8 “ ‘Die naaktheid van jou va-
der se vrou mag jy nie ontbloot

**HFST. 17**
a De 32:17, Jos 24:14, 2Kr 11:15, 1Ko 10:20
b Eks 34:15, Le 20:5, De 31:16, Jer 3:1, Ese 23:8, Jak 4:4
c Le 1:3
d De 12:6, De 12:14
e Le 17:4
f Ge 9:4, Le 3:17, Le 7:26, Le 19:26, De 12:16, 1Sa 14:33, Han 15:29
g Le 20:3, Ps 34:16, Jer 44:11, 1Pe 3:12
h Ge 9:4, Le 17:14, De 12:23, 1Kr 11:19
i Le 8:15, Le 16:18
j Mt 26:28, Mr 14:24, Ro 3:25, Ro 5:9, Ef 1:7, Kol 1:20
k Heb 9:22, Heb 13:12, 1Pe 1:2, 1Jo 1:7, Op 1:5
l Eks 12:49
m Ge 9:4, De 12:23, 1Kr 11:19, Han 15:20, Han 15:29
n De 12:16, De 15:23
o Ese 24:7

**Tweede kol.**
a Le 17:11, De 12:23
b Le 17:10
c Eks 22:31, De 14:21
d Le 11:40
e Le 7:18, Nu 19:20

**HFST. 18**
f Ge 17:7, Eks 6:7, Le 11:44, Mr 12:29
g Ps 106:35, Ese 20:7, Jak 4:4
h Eks 23:24, Le 20:23, De 12:30, Jer 10:2
i Le 19:37, Le 20:22, De 4:1
j De 6:2, Ps 119:16, Ese 20:19, 1Jo 5:3

**k** Lu 1:6; **l** Ese 20:11; Lu 10:28; Ro 10:5; Ga 3:12; **m** Eks 6:2; Mal 3:6; **n** Le 20:17; Ga 5:19; **o** Ge 9:22; Ese 22:10.

nie.[a] Dit is jou vader se naakt-
heid.
9 “‘Wat die naaktheid van
jou suster betref, die dogter van
jou vader of die dogter van jou
moeder, hetsy in dieselfde huis-
gesin gebore of daarbuite gebo-
re, jy mag hulle naaktheid nie
ontbloot nie.[b]
10 “‘Wat die naaktheid van
die dogter van jou seun of die
dogter van jou dogter betref,
jy mag hulle naaktheid nie ont-
bloot nie, want hulle is jou
naaktheid.
11 “‘Wat die naaktheid van
die dogter van jou vader se vrou
betref, die nakomeling van jou
vader, jy mag, aangesien sy jou
suster is, haar naaktheid nie
ontbloot nie.
12 “‘Die naaktheid van jou
vader se suster mag jy nie ont-
bloot nie. Sy is ’n bloedverwant
van jou vader.[c]
13 “‘Die naaktheid van jou
moeder se suster mag jy nie ont-
bloot nie, want sy is ’n bloedver-
want van jou moeder.
14 “‘Die naaktheid van jou
vader se broer mag jy nie ont-
bloot nie. Jy mag nie naby sy
vrou kom nie. Sy is jou tante.[d]
15 “‘Die naaktheid van jou
skoondogter[e] mag jy nie ont-
bloot nie. Sy is jou seun se vrou.
Jy mag haar naaktheid nie ont-
bloot nie.
16 “‘Die naaktheid van jou
broer se vrou[f] mag jy nie ont-
bloot nie. Dit is jou broer se
naaktheid.
17 “‘Die naaktheid van ’n
vrou en haar dogter mag jy nie
ontbloot nie.[g] Die dogter van
haar seun en die dogter van
haar dogter mag jy nie neem
om haar naaktheid te ontbloot
nie. Dit is gevalle van bloedver-
wantskap. Dit is losbandige ge-
drag.[h]
18 “‘En jy mag geen vrou
by haar suster as mededing-
ster[a] byneem om haar naakt-
heid te ontbloot nie, dit wil sê,
benewens haar gedurende haar
lewe.
19 “‘En jy mag nie naby ’n
vrou kom gedurende die men-
struasie[b] van haar onreinheid
om haar naaktheid te ontbloot
nie.[c]
20 “‘En jy mag jou saadstor-
ting nie aan die vrou van jou
metgesel gee om daardeur on-
rein te word nie.[d]
21 “‘En jy mag nie toelaat
dat enigeen van jou nageslag
aan Molog[e] gewy word nie.[f] Jy
mag die naam van jou God nie
op dié manier ontheilig nie.[g] Ek
is Jehovah.[h]
22 “‘En jy mag nie by ’n
manspersoon gaan lê[i] soos jy by
’n vrou gaan lê nie.[j] Dit is iets
verfoeiliks.
23 “‘En jy mag jou saadstor-
ting aan geen dier gee[k] om
daardeur onrein te word nie, en
’n vrou mag nie voor ’n dier
gaan staan om daarmee ge-
meenskap te hê nie.[l] Dit is ’n
skending van wat natuurlik is.
24 “‘Julle moet julle nie deur
enige van hierdie dinge onrein
maak nie, want deur al hier-
die dinge het die nasies wat
ek voor julle wegstuur, hulle
onrein gemaak.[m] 25 Gevolg-
lik is die land onrein, en ek sal
straf daaroor bring vir sy oor-
treding, en die land sal sy in-
woners uitbraak.[n] 26 En jul-
le moet my insettinge en my
regterlike beslissings onder-
hou,[o] en julle mag niks van al
hierdie verfoeilike dinge doen
nie, nie ’n boorling of ’n in-
wonende vreemdeling wat as ’n
vreemdeling onder julle woon
nie.[p] 27 Want die mense van
die land, wat daar voor julle

**HFST. 18**
a Ge 35:22 Le 20:11 De 22:30 De 27:20 2Sa 16:21 1Ko 5:1
b Le 20:17 De 27:22 2Sa 13:12 Ese 22:11
c Le 20:19
d Le 20:20
e Ge 38:26 Le 20:12 Ese 22:11
f Le 20:21 De 25:5 Mr 6:17 Mr 12:19
g Le 20:14 De 27:23
h Ga 5:19

**Tweede kol.**
a Ge 30:15 1Sa 1:6
b Le 20:18
c Le 15:19 Le 15:24 Le 20:18 Ese 22:10
d Eks 20:14 Le 20:10 De 22:22 2Sa 11:4 Spr 6:29 Mt 5:27 1Ko 6:9 Heb 13:4
e Le 20:2 1Kn 11:7 2Kn 23:10 Han 7:43
f De 18:10
g Eks 20:7 Le 19:12 Le 20:3 Ese 36:20
h Jes 42:8
i 1Ko 6:9 1Ti 1:10 Jud 7
j Ge 19:5 Le 20:13 Rig 19:22 Ro 1:27
k Eks 22:19 Le 20:15
l Le 20:16
m Le 20:23 De 18:12
n Ge 15:16
o Le 20:22 De 4:1 De 4:40 Ro 2:12
p Eks 12:49

was, het al hierdie verfoeilike
dinge gedoen,[a] sodat die land
onrein is. **28** Dan sal die land
julle nie uitbraak omdat julle
dit verontreinig nie, net soos
dit beslis die nasies sal uit-
braak wat daar voor julle was.[b]
**29** As iemand enigeen van al
hierdie verfoeilike dinge doen,
dan moet die siele wat dit doen,
uitgeroei word onder hulle volk
uit.[c] **30** En julle moet julle
verpligting teenoor my nakom
om geeneen van die verfoeili-
ke gebruike te beoefen wat voor
julle beoefen is nie,[d] sodat julle
julle nie daardeur onrein maak
nie. Ek is Jehovah julle God.'"

**19** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en ge-
sê: **2** "Praat met die hele ver-
gadering van die kinders van Is-
rael, en jy moet vir hulle sê:
'Julle moet heilig wees,[e] want
ek, Jehovah julle God, is heilig.[f]
**3** "'Elkeen van julle moet sy
moeder en sy vader vrees,[g] en
my sabbatte moet julle onder-
hou.[h] Ek is Jehovah julle God.
**4** Julle moet julle nie tot waar-
delose gode wend nie,[i] en julle
mag vir julle geen gegote gode
maak nie.[j] Ek is Jehovah julle
God.
**5** "'En as julle 'n gemeen-
skapsoffer aan Jehovah offer,[k]
moet julle dit offer om goedkeu-
ring vir julle te verkry.[l] **6** Op
die dag van julle offerande en
die volgende dag moet dit geëet
word, maar wat tot die derde
dag oorbly, moet met vuur ver-
brand word.[m] **7** Maar as dit
hoegenaamd op die derde dag
geëet word, is dit iets wat be-
dorwe is.[n] Dit sal nie met goed-
keuring aangeneem word nie.[o]
**8** En hy wat dit eet, moet ver-
antwoording doen vir sy oortre-
ding,[p] want hy het iets heiligs
van Jehovah ontheilig; en dié
siel moet uit sy volk uitgeroei
word.
**9** "'En wanneer julle die oes
van julle land insamel, moet jy
die rand van jou land nie heelte-
mal afoes nie, en die oorblyfsels
van jou oes moet jy nie optel
nie.[a] **10** Ook moet jy die oor-
blyfsels[b] van jou wingerd nie in-
samel nie, en jy moet die drui-
we wat van jou wingerd afgeval
het, nie optel nie. Vir die geteis-
terde en die inwonende vreem-
deling moet jy dit laat oorbly.[c]
Ek is Jehovah julle God.
**11** "'Julle mag nie steel nie,[d]
en julle mag nie bedrieg nie,[e] en
geeneen van julle mag bedrieg-
lik handel met sy metgesel nie.[f]
**12** En julle mag nie by my naam
tot 'n leuen sweer,[g] sodat jy die
naam van jou God ontheilig nie.
Ek is Jehovah. **13** Jy mag jou
naaste nie verkul nie,[h] en jy
mag nie roof nie.[i] Die loon van
'n loonarbeider mag nie die hele
nag tot die oggend toe by jou
bly nie.[j]
**14** "'Jy mag nie 'n vloek oor
'n dowe uitspreek nie, en voor 'n
blinde mag jy geen hindernis lê
nie;[k] en jy moet jou God vrees.[l]
Ek is Jehovah.
**15** "'Julle mag geen onreg
doen in die regspraak nie. Jy
mag die geringe nie partydig
behandel nie,[m] en jy mag 'n ver-
name man nie bevoorreg nie.[n]
Met geregtigheid moet jy jou
metgesel oordeel.
**16** "'Jy mag nie onder jou
volk rondgaan om te laster nie.[o]
Jy mag nie teen jou naaste se
bloed opstaan nie.[p] Ek is Jeho-
vah.
**17** "'Jy mag jou broer nie in
jou hart haat nie.[q] Jy moet jou
metgesel vir seker teregwys,[r]

**HFST. 18**
a De 20:18; 2Kn 16:3; 2Kn 21:2
b Le 20:22
c Le 20:15
d Le 18:3; Le 20:23; De 18:9

**HFST. 19**
e Le 11:44; Ef 1:4; 1Pe 1:16
f Le 21:8; Jes 6:3; Op 4:8
g Eks 20:12; Ef 6:2; Heb 12:9
h Eks 20:8; Eks 20:11; Eks 31:13; Lu 6:5
i Eks 20:4; Le 26:1; Ps 96:5; Hab 2:18; 1Ko 10:14
j Eks 20:23; Eks 32:4; De 27:15
k Le 3:1
l Le 7:12
m Le 7:17
n Ese 4:14
o Le 7:18
p Le 5:17

**Tweede kol.**
a Eks 23:11; Le 23:22; De 24:19
b Jes 17:6; Jer 49:9
c Le 25:6; De 15:7; Rut 2:15; Ps 140:12
d Eks 20:15; Ef 4:28
e Le 6:2; Spr 12:22; Ef 4:25
f 1Kn 13:18; Jer 9:5
g Eks 20:7; De 5:11; Mt 5:37; Jak 5:12
h Spr 22:16; Mr 10:19
i Spr 22:22
j De 24:15; Jer 22:13; Jak 5:4
k De 27:18
l Ge 42:18; Le 25:17; Ne 5:15; Spr 1:7; Spr 8:13; 1Pe 2:17
m Eks 23:3; De 16:19; 2Kr 19:6; Spr 24:23; Ro 2:11
n De 1:17; Jak 2:9

**o** Ps 15:3; Spr 11:13; 1Ti 3:11; 2Ti 3:3; Tit 2:3; **p** Eks 20:16; 1Kn 21:13; Spr 6:17; Mt 26:60; Han 6:11; **q** Ge 27:41; Spr 10:18; 1Jo 2:9; 1Jo 3:15; **r** Ps 141:5; Spr 9:8; Mt 18:15; Ga 2:11; 1Ti 5:20; Tit 1:13.

sodat jy nie saam met hom son-
de dra nie.
**18** "'Jy mag nie wraak neem[a]
of 'n wrok koester teen die kin-
ders van jou volk nie;[b] en jy
moet jou naaste liefhê soos jou-
self.[c] Ek is Jehovah.
**19** "'Julle moet my inset-
tinge onderhou: Jy mag nie
twee soorte van jou mak diere
kruis nie. Jy mag nie jou land
met twee soorte saad besaai
nie,[d] en jy mag nie 'n kleed van
twee soorte draad, wat met me-
kaar vermeng is, aantrek nie.[e]
**20** "'En as 'n man by 'n vrou
gaan lê en 'n saadstorting het,
terwyl sy 'n diensmeisie is wat
vir 'n ander man bestem is, son-
der dat sy enigsins losgekoop is
of vryheid aan haar gegee is,
moet bestrawwing plaasvind.
Hulle moenie doodgemaak word
nie, want sy was nie vrygelaat
nie. **21** En hy moet sy skuld-
offer aan Jehovah na die in-
gang van die tent van same-
koms bring, 'n skuldofferram.[f]
**22** En die priester moet met
die skuldofferram vir hom ver-
soening doen voor Jehovah vir
sy sonde wat hy gepleeg het; en
sy sonde wat hy gepleeg het, sal
hom vergewe word.[g]
**23** "'En as julle in die land
kom en julle enige boom vir
voedsel moet plant, dan moet
julle die vrugte daarvan as
onrein beskou, as die "voor-
huid" daarvan. Drie jaar lank
moet dit vir julle onbesnede bly.
Dit mag nie geëet word nie.
**24** Maar in die vierde jaar sal
al die vrugte[h] daarvan iets hei-
ligs word, tot 'n feesgejuig vir
Jehovah.[i] **25** En in die vyfde
jaar mag julle die vrugte daar-
van eet, om die opbrengs daar-
van vir julle te vermeerder.[j] Ek
is Jehovah julle God.
**26** "'Julle mag niks met
bloed en al eet nie.[k]
"'Julle mag geen voortekens
soek nie,[a] en julle mag geen
toorkuns beoefen nie.[b]
**27** "'Julle mag julle sylokke
nie rondom kort afknip nie, en
jy mag die rand van jou baard
nie vernietig nie.[c]
**28** "'En julle mag geen snye
in julle vlees maak vir 'n af-
gestorwe siel nie,[d] en julle mag
geen tatoeëermerke op julle
aanbring nie. Ek is Jehovah.
**29** "'Moenie jou dogter ont-
heilig deur van haar 'n pros-
tituut te maak nie,[e] sodat die
land nie prostitusie pleeg en die
land met losse sedes gevul word
nie.[f]
**30** "'My sabbatte moet julle
onderhou,[g] en julle moet ontsag
hê vir my heiligdom.[h] Ek is Je-
hovah.
**31** "'Julle moet julle nie tot
die geestemediums wend nie,[i]
en moenie beroepsvoorspellers
van gebeure raadpleeg,[j] sodat
julle deur hulle onrein word nie.
Ek is Jehovah julle God.
**32** "'Voor grys hare moet jy
opstaan,[k] en jy moet aan 'n be-
jaarde agting betoon,[l] en jy
moet jou God vrees.[m] Ek is Je-
hovah.
**33** "'En as 'n inwonende
vreemdeling by jou woon as 'n
vreemdeling in julle land, mag
julle hom nie mishandel nie.[n]
**34** Die inwonende vreemdeling
wat as 'n vreemdeling by jul-
le woon, moet vir julle soos
'n boorling onder julle word; en
jy moet hom liefhê soos jou-
self,[o] want julle het inwonende
vreemdelinge in Egipteland ge-
word.[p] Ek is Jehovah julle God.
**35** "'Julle mag geen onreg
pleeg wanneer julle regspreek,[q]
meet, weeg[r] of vloeistof afmeet
nie. **36** Julle moet 'n akkurate
weegskaal,[s] akkurate gewigte,
'n akkurate efa en 'n akkurate

**HFST. 19**
a Spr 20:22; Ro 12:19
b 1Sa 18:29; Ps 55:3
c Mt 5:43; Mt 22:39; Ro 13:9; Ga 5:14; Jak 2:8
d De 22:9
e De 22:11
f Le 6:6
g Le 4:31; Le 6:7
h Nu 18:12; De 18:4
i De 26:2; Spr 3:9
j Le 26:4
k Le 3:17; Le 17:13; De 12:23; Han 15:20; Han 21:25

**Tweede kol.**
a 2Kn 17:17
b Eks 8:7; De 18:10; 2Kn 21:6; Ga 5:20; Op 21:8
c Le 21:5; Jer 9:26
d De 14:1; Jer 16:6
e Le 21:7; De 23:17; Heb 13:4
f Spr 21:27; 1Pe 4:3
g Eks 20:10; Eks 31:13
h Le 26:2
i Le 20:6; De 18:11; 1Sa 28:7; 1Kr 10:13; 2Kr 33:6; Jes 8:19; Ga 5:20; Op 21:8
j Le 20:27; Han 16:16
k Spr 16:31; Spr 20:29
l Job 32:6; Spr 23:22; Klg 5:12; 1Ti 5:1
m Ne 5:9; Job 28:28; Spr 1:7; Spr 8:13; 1Pe 2:17
n Eks 23:9; Mal 3:5
o Eks 12:49; De 10:19
p Eks 22:21
q Sag 7:9
r De 25:13; De 25:15; Spr 20:10
s Spr 11:1; Spr 16:11

hin hê. Ek is Jehovah julle God,
wat julle uit Egipteland uitgelei
het. **37** Daarom moet julle al
my insettinge en al my regterli-
ke beslissings onderhou, en jul-
le moet dit nakom.[a] Ek is Jeho-
vah.'"

**20** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en ge-
sê: **2** "Jy moet vir die kinders
van Israel sê: 'Enige man van
die kinders van Israel en enige
inwonende vreemdeling wat as
'n vreemdeling in Israel woon,
wat enigeen van sy nageslag
aan Molog gee,[b] moet vir seker
doodgemaak word. Die volk van
die land moet hom met klippe
doodgooi. **3** En wat my betref,
ek sal my aangesig teen dié man
rig, en ek sal hom uitroei onder
sy volk uit,[c] want hy het van sy
nageslag aan Molog gegee met
die doel om my heiligdom te ver-
ontreinig[d] en my heilige naam
te ontheilig.[e] **4** En as die volk
van die land hulle oë opsetlik
verberg vir dié man wanneer hy
van sy nageslag aan Molog gee,
deur hom nie dood te maak nie,[f]
**5** dan sal ek beslis my aange-
sig teen dié man en sy familie
rig,[g] en ek sal hom en almal
wat saam met hom onsedelike
gemeenskap het deur onsedeli-
ke gemeenskap[h] met Molog te
hê, inderdaad uitroei onder hul-
le volk uit.

**6** "'Wat die siel betref wat
hom tot die geestemediums[i] en
die beroepsvoorspellers[j] van ge-
beure wend om onsedelike ge-
meenskap met hulle te hê, ek
sal beslis my aangesig teen dié
siel rig en hom uitroei onder sy
volk uit.[k]

**7** "'En julle moet julle heilig
en julle moet heilig wees,[l] want
ek is Jehovah julle God. **8** En
julle moet my insettinge onder-
hou en dit uitvoer.[m] Ek is Jeho-
vah wat julle heilig.[n]

**9** "'As iemand 'n vloek oor sy
vader en sy moeder uitspreek,[a]
moet hy vir seker doodgemaak
word.[b] Oor sy vader en sy moe-
der het hy 'n vloek uitgespreek.
Sy bloed is op hom.[c]

**10** "'En 'n man wat egbreuk
pleeg met 'n ander man se vrou,
pleeg egbreuk met die vrou van
sy medemens.[d] Hy moet vir se-
ker doodgemaak word, die eg-
breker sowel as die egbreek-
ster.[e] **11** En 'n man wat by
sy vader se vrou gaan lê, het
die naaktheid van sy vader ont-
bloot.[f] Hulle moet albei vir se-
ker doodgemaak word. Hulle
bloed is op hulle. **12** En wan-
neer 'n man by sy skoondog-
ter gaan lê, moet hulle albei vir
seker doodgemaak word.[g] Hul-
le het geskend wat natuurlik is.
Hulle bloed is op hulle.[h]

**13** "'En wanneer 'n man by
'n manspersoon gaan lê soos 'n
mens by 'n vrou gaan lê, het hul-
le albei iets verfoeiliks gedoen.[i]
Hulle moet vir seker doodge-
maak word. Hulle bloed is op
hulle.

**14** "'En wanneer 'n man 'n
vrou en haar moeder neem,
is dit losbandige gedrag.[j] Hul-
le moet hom en hulle met vuur
verbrand,[k] sodat geen losbandi-
ge gedrag[l] onder julle bly be-
staan nie.

**15** "'En wanneer 'n man sy
saadstorting aan 'n dier gee,[m]
moet hy vir seker doodgemaak
word, en julle moet die dier
doodmaak. **16** En wanneer 'n
vrou naby enige dier kom om
daarmee gemeenskap te hê,[n]
moet jy die vrou en die dier
doodmaak. Hulle moet vir seker
doodgemaak word. Hulle bloed
is op hulle.

**17** "'En wanneer 'n man sy
suster neem, die dogter van sy
vader of die dogter van sy moe-
der, en hy haar naaktheid sien,

**HFST. 19**
a Le 18:5; De 4:6

**HFST. 20**
b Le 18:21; De 18:10
c 1Pe 3:12
d Eks 15:17; Nu 19:20; De 23:14; Ese 5:11
e Le 18:21
f De 13:8
g Eks 20:5; 1Kn 20:42
h Ps 106:39; Ho 2:13
i Le 19:31; De 18:11; Ga 5:20; Op 21:8
j Le 20:27; Han 16:16
k 1Kr 10:13; Ese 6:9
l Le 11:44; Ef 1:4; 1Pe 1:16
m Le 18:4; Pr 12:13; Lu 1:6
n Eks 31:13; Le 21:8; Ese 37:28; 1Te 5:23; 2Te 2:13

**Tweede kol.**
a De 27:16; Spr 20:20; Mt 15:4
b Eks 21:17
c 2Sa 1:16; 1Kn 2:32
d Le 18:20; De 5:18; Jer 29:23; Ro 7:3
e De 22:22; 1Ko 6:9
f Le 18:8; De 27:20
g Le 18:15
h Le 18:29
i Ge 19:5; Le 18:22; Rig 19:22; Ro 1:27; 1Ko 6:9; Jud 7
j Le 18:17; De 27:23
k Le 21:9
l Ga 5:19
m Eks 22:19; De 27:21
n Le 18:23

en sy sy naaktheid sien, is dit
’n skande.[a] Daarom moet hulle
voor die oë van die kinders van
hulle volk uitgeroei word. Die
naaktheid van sy suster het hy
ontbloot. Hy moet verantwoor-
ding doen vir sy oortreding.

**18** “‘En wanneer ’n man by
’n vrou gaan lê gedurende haar
menstruasie en haar naaktheid
ontbloot, het hy haar bron ont-
bloot, en sy het die bron van
haar bloed ontbloot.[b] Daarom
moet hulle albei uitgeroei word
onder hulle volk uit.

**19** “‘En die naaktheid van
jou moeder se suster[c] en van
jou vader se suster[d] mag jy
nie ontbloot nie, want dit is sy
bloedverwant wat hy ontbloot
het.[e] Hulle moet verantwoor-
ding doen vir hulle oortreding.
**20** En ’n man wat by sy oom
se vrou gaan lê, het die naakt-
heid van sy oom ontbloot.[f] Hulle
moet verantwoording doen vir
hulle sonde. Hulle moet kinder-
loos sterf.[g] **21** En wanneer ’n
man sy broer se vrou neem, is
dit iets afskuweliks.[h] Die naakt-
heid van sy broer het hy ont-
bloot. Hulle moet kinderloos
wees.

**22** “‘En julle moet al my in-
settinge[i] en al my regterlike be-
slissings[j] onderhou en dit na-
kom, sodat die land waarheen
ek julle bring om daarin te
woon, julle nie uitbraak nie.[k]
**23** En julle mag nie wandel in
die insettinge van die nasies
wat ek voor julle wegstuur nie,[l]
want hulle het al hierdie dinge
gedoen en ek verafsku hul-
le.[m] **24** Daarom het ek vir jul-
le gesê:[n] “Wat julle betref, jul-
le sal hulle land in besit neem,
en wat my betref, ek sal dit
aan julle gee om dit in besit te
neem, ’n land wat oorloop van
melk en heuning.[o] Ek is Jeho-
vah julle God, wat julle van die

HFST. 20

a Le 18:9 De 27:22 2Sa 13:12 Ese 22:11
b Le 15:24 Le 18:19 Ese 22:10
c Le 18:13
d Le 18:12
e Le 18:6
f Le 18:14
g Ps 109:13
h Le 18:16 De 25:5 Mr 6:18 Mr 12:19
i Le 18:26 Ps 105:45 Ps 119:80 Pr 12:13
j Eks 21:1 De 5:1 Ps 119:20 Jes 26:9
k Le 18:28
l Le 18:3 Le 18:24 De 12:30 Jer 10:2
m Le 18:27 De 9:5
n Eks 3:17 Eks 6:8
o De 8:8 Ese 20:6

Tweede kol.

a Eks 19:5 Eks 33:16 1Kn 8:53 2Ko 6:16 1Pe 2:9
b Le 11:47 De 14:4 Han 10:14
c Le 11:43
d Le 19:2
e Ps 99:5 1Pe 1:16 Op 4:8
f De 7:6 De 14:2 Tit 2:14
g Eks 22:18 Le 19:31 De 18:10 1Sa 28:7 Op 21:8
h Eks 22:18 Le 20:6 Mi 5:12
i 2Sa 1:16

HFST. 21

j Nu 19:14
k De 14:1 Jes 15:2 Ese 44:20
l Le 19:27 Jer 48:37
m Le 19:28 1Kn 18:28 Jer 16:6
n Eks 29:44 Le 10:3 Esr 8:28
o Le 18:21 Le 19:12 Le 22:32

volke afgesonder het.”[a] **25** En
julle moet ’n onderskeid maak
tussen die rein dier en die on-
reine en tussen die onrein voël
en die reine;[b] en julle mag jul-
le siel nie ’n gruwel maak[c] deur
die dier en die voël en enigiets
wat op die aarde kruip nie, wat
ek vir julle afgeskei het deur
dit onrein te verklaar. **26** En
julle moet vir my heilig wees,[d]
want ek, Jehovah, is heilig;[e] en
ek sonder julle van die volke af
om myne te word.[f]

**27** “‘En wat ’n man of vrou
betref in wie daar ’n mediumis-
tiese of ’n voorspellende gees
is,[g] hulle moet vir seker dood-
gemaak word.[h] Hulle moet met
klippe doodgegooi word. Hulle
bloed is op hulle.’”[i]

**21** En Jehovah het verder
vir Moses gesê: “Praat
met die priesters, Aäron se
seuns, en jy moet vir hulle sê:
‘Vir ’n afgestorwe siel mag nie-
mand hom verontreinig onder
sy volk nie.[j] **2** Maar vir sy
bloedverwant wat na aan hom
is, vir sy moeder en vir sy va-
der en vir sy seun en vir sy dog-
ter en vir sy broer **3** en vir
sy suster, ’n maagd wat na aan
hom is, wat nie aan ’n man be-
hoort nie, vir haar mag hy hom
verontreinig. **4** Hy mag hom
nie verontreinig vir ’n vrou wat
besit word deur ’n eienaar on-
der sy volk, sodat hy hom ont-
heilig nie. **5** Hulle mag op hul-
le kop geen kaalte maak nie,[k]
en die rand van hulle baard mag
hulle nie skeer nie,[l] en in hulle
vlees mag hulle geen insnyding
maak nie.[m] **6** Hulle moet hei-
lig wees vir hulle God,[n] en hul-
le moet die naam van hulle God
nie ontheilig nie,[o] want hulle
bied Jehovah se vuuroffers aan,
die brood van hulle God;[p] en

p Le 3:11; Mal 1:7.

hulle moet heilig wees.[a] **7** ’n
Prostituut[b] of ’n onteerde vrou
mag hulle nie neem nie; en ’n
vrou wat van haar man geskei
is,[c] mag hulle nie neem nie,[d]
want hy is heilig vir sy God.
**8** Daarom moet jy hom heilig,[e]
want hy bied die brood van jou
God aan. Hy moet vir jou hei-
lig wees,[f] want ek, Jehovah, wat
julle heilig, is heilig.[g]

**9** “ ‘En as die dogter van ’n
priester haar ontheilig deur
prostitusie te pleeg, ontheilig sy
haar vader. Sy moet met vuur
verbrand word.[h]

**10** “ ‘En hy wat die hoëpries-
ter onder sy broers is, op wie se
kop die salfolie uitgegiet word[i]
en wie se hand met mag gevul is
om die klere te dra,[j] hy mag sy
kop nie onversorg laat nie,[k] en
hy mag sy klere nie skeur nie.[l]
**11** En hy mag by geen dooie siel
kom nie.[m] Vir sy vader en sy
moeder mag hy hom nie veront-
reinig nie. **12** Ook mag hy uit
die heiligdom nie uitgaan nie en
die heiligdom van sy God nie
ontheilig nie,[n] want die toewy-
dingsteken, die salfolie van sy
God,[o] is op hom. Ek is Jehovah.

**13** “ ‘En hy moet ’n vrou in
haar maagdelike staat neem.[p]
**14** ’n Weduwee of ’n geskeide
vrou en een wat onteer is, ’n
prostituut—geeneen van hulle
mag hy neem nie, maar hy moet
’n maagd uit sy volk as vrou
neem. **15** En hy mag nie sy
saad onder sy volk ontheilig
nie,[q] want ek is Jehovah wat
hom heilig.’ ”[r]

**16** En Jehovah het voortge-
gaan om met Moses te praat en
gesê: **17** “Praat met Aäron en
sê: ‘Geen man van jou saad, in
al hulle geslagte, aan wie daar
’n gebrek is,[s] mag nader kom om
die brood van sy God aan te bied
nie.[t] **18** As daar enige man is
aan wie daar ’n gebrek is, mag
hy nie nader kom nie: ’n man
wat blind of kreupel is of ’n ge-
splete neus het of ’n liggaams-
deel wat te lank is,[a] **19** of ’n
man wat ’n gebreekte voet of ’n
gebreekte hand het, **20** of wat
’n boggelrug het of uitgeteer is
of ’n siekte aan sy oë of skurf-
te of omlope of verbryselde tes-
tikels het.[b] **21** Geen man van
die saad van Aäron, die pries-
ter, aan wie ’n gebrek is, mag
nader kom om Jehovah se vuur-
offers aan te bied nie.[c] Daar is
’n gebrek aan hom. Hy mag nie
nader kom om die brood van sy
God aan te bied nie.[d] **22** Hy
mag die brood van sy God eet
uit die hoogheilige dinge[e] en uit
die heilige dinge.[f] **23** Hy mag
egter nie inkom naby die voor-
hangsel nie,[g] en hy mag nie na-
der kom na die altaar nie,[h] want
daar is ’n gebrek aan hom;[i] en
hy mag nie my heiligdom ont-
heilig nie,[j] want ek is Jehovah
wat hulle heilig.’ ”[k]

**24** So het Moses met Aäron
en sy seuns en al die kinders
van Israel gepraat.

**22** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en ge-
sê: **2** “Praat met Aäron en sy
seuns, sodat hulle hulle afgeson-
derd hou van die heilige dinge
van die kinders van Israel en
nie my heilige naam[l] ontheilig
in verband met die dinge wat
hulle vir my heilig nie.[m] Ek is
Jehovah. **3** Sê vir hulle: ‘Eni-
ge man uit julle hele nageslag,
in al julle geslagte, wat naby die
heilige dinge kom, wat die kin-
ders van Israel aan Jehovah sal
heilig, terwyl sy onreinheid op
hom is,[n] dié siel moet voor my
uitgeroei word. Ek is Jehovah.
**4** Geen man van Aäron se na-
geslag mag, terwyl hy melaats
is[o] of ’n lopende afskeiding het,[p]
van die heilige dinge eet tot-
dat hy rein word nie,[q] en ook

**HFST. 21**
a Jes 52:11; 1Pe 1:16
b Le 19:29
c De 24:1; Mt 19:8
d Ese 44:22
e Eks 28:41; Le 20:8; 1Ko 6:11; Heb 9:13
f Le 11:44
g Eks 28:36; Le 11:45; Le 20:7; Jes 43:15
h Ge 38:24; Le 20:14
i Le 8:12; Nu 35:25; Ps 133:2
j Eks 28:2; Eks 29:29; Le 16:32
k Le 10:6
l Ge 37:34
m Nu 6:7; Nu 19:11; Nu 19:14
n Le 10:7; Le 21:23
o Le 8:12; Lu 4:18; Han 10:38
p Ese 44:22; 2Ko 11:2; Op 14:4
q Esr 9:2
r 1Te 5:23; 2Te 2:13
s Le 22:21; Ro 12:1; Ef 5:27; Heb 7:26; Op 14:5
t Le 3:11; Nu 16:5

**Tweede kol.**
a Le 22:23
b Le 22:24; De 23:1
c Le 2:2
d Le 22:25
e Le 2:10; Le 6:16; Le 24:9; Nu 18:9
f Le 22:10; Nu 18:19
g Eks 30:6; Heb 10:20
h Eks 38:1
i Le 21:17
j Eks 25:8; Le 21:12
k Eks 28:41

**HFST. 22**
l Le 21:6; Ps 83:18; Ps 135:13
m Eks 28:38; Nu 18:32; De 15:19
n Le 7:20
o Le 13:2
p Le 15:2
q Le 14:2; Le 15:13

nie hy wat aan iemand raak wat
deur ’n afgestorwe siel onrein
is[a] of ’n man van wie ’n saad-
storting uitgaan nie,[b] **5** of ’n
man wat aan enige kruipende
diertjie raak wat vir hom on-
rein is[c] of aan ’n mens raak wat
vir hom onrein is met betrek-
king tot enige onreinheid van
hom nie.[d] **6** Die siel wat aan
so iets raak, sal tot die aand
toe onrein wees en mag niks
van die heilige dinge eet nie,
maar hy moet sy vlees in water
bad.[e] **7** Wanneer die son on-
dergegaan het, dan sal hy rein
wees, en daarna mag hy van
die heilige dinge eet, want dit is
sy brood.[f] **8** Ook mag hy geen
dier eet wat doodgegaan het of
enigiets wat deur wilde diere
verskeur is, sodat hy daardeur
onrein word nie.[g] Ek is Jeho-
vah.

**9** “‘En hulle moet hulle ver-
pligting teenoor my nakom, so-
dat hulle nie as gevolg daar-
van sonde dra en daarvoor moet
sterf[h] omdat hulle dit ontheilig
het nie. Ek is Jehovah wat hulle
heilig.

**10** “‘En hoegenaamd geen
vreemdeling mag iets heiligs
eet nie.[i] Geen bywoner by ’n
priester of loonarbeider mag
iets heiligs eet nie. **11** Maar
as ’n priester ’n siel koop, as iets
wat hy met sy geld koop, mag
dié as sodanig ook daarvan eet.
Wat slawe betref wat in sy huis
gebore is, hulle mag as sodanig
ook van sy brood eet.[j] **12** En
as die dogter van ’n priester ’n
man s’n word wat ’n vreemde-
ling is, mag sy as sodanig nie
van die bydrae van die heilige
dinge eet nie. **13** Maar as die
dogter van ’n priester ’n wedu-
wee of ’n geskeide vrou word
terwyl sy geen nageslag het nie,
en sy na haar vader se huis
moet terugkeer soos in haar
jeug,[a] mag sy van haar vader se
brood eet;[b] maar hoegenaamd
geen vreemdeling mag daarvan
eet nie.

**14** “‘En as iemand onopset-
lik iets heiligs eet,[c] dan moet
hy ’n vyfde[d] daarvan byvoeg en
wat heilig is, vir die priester
gee. **15** So moet hulle die hei-
lige dinge van die kinders van
Israel, wat hulle vir Jehovah by-
dra, nie ontheilig[e] **16** en ver-
oorsaak dat hulle die straf vir
skuld dra omdat hulle hulle hei-
lige dinge eet nie; want ek is Je-
hovah wat hulle heilig.’”

**17** En Jehovah het voortge-
gaan om met Moses te praat en
gesê: **18** “Praat met Aäron en
sy seuns en al die kinders van
Israel, en jy moet vir hulle sê:
‘Wat enige man van die huis van
Israel of ’n inwonende vreemde-
ling in Israel betref wat sy offer
aanbied,[f] ooreenkomstig enige
van hulle geloftes[g] of enige van
hulle vrywillige gawes,[h] wat
hulle vir Jehovah as ’n brand-
offer aanbied, **19** dit moet, om
goedkeuring vir julle te ver-
kry,[i] ’n manlike dier sonder ge-
brek[j] wees uit die beeste, uit
die jong ramme of uit die bok-
ke. **20** Julle mag niks aanbied
waaraan ’n gebrek is nie,[k] want
dit sal nie vir julle goedkeuring
verkry nie.

**21** “‘En as ’n man ’n gemeen-
skapsoffer[l] vir Jehovah aanbied
om ’n gelofte te betaal[m] of as
’n vrywillige gawe, moet dit,
om goedkeuring te verkry, een
sonder gebrek uit die beeste of
die kleinvee wees. Hoegenaamd
geen gebrek moet daaraan wees
nie. **22** Wat blind is of iets het
wat gebreek is of wat ’n sny
of vrat of skurfte of omloop
het,[n] nie een hiervan mag julle
vir Jehovah aanbied nie, en jul-
le mag daarvan geen vuuroffer[o]

**HFST. 22**
a Le 21:1, Nu 19:11, Nu 19:22
b Le 15:16
c Le 11:24, Le 11:43
d Le 15:7, Le 15:19
e Nu 19:7, 1Ko 6:11, Heb 10:22
f Le 21:22, Nu 18:11
g Eks 22:31, Le 17:15, De 14:21
h Eks 28:43, Le 10:2
i Eks 29:33, Mt 12:4
j Nu 18:11

**Tweede kol.**
a Ge 38:11
b Le 10:14, Nu 18:19
c Le 5:15
d Le 5:16, Le 27:13
e Nu 18:32, Ese 22:26
f Nu 15:14, Nu 15:16
g Le 7:16, Le 23:38, Nu 15:3, Ps 22:25, Ps 56:12
h De 12:6
i Le 7:18, Le 23:11
j Le 1:3, Le 22:22
k De 15:21, De 17:1, Mal 1:8, Heb 9:14, 1Pe 1:19
l Le 3:1
m Nu 15:8, De 23:21, Ps 50:14, Ps 61:8, Pr 5:4
n De 15:21, Mal 1:8
o Le 3:3, Le 3:14

vir Jehovah op die altaar lê nie.
**23** Wat ’n bul of ’n skaap be-
tref met ’n liggaamsdeel wat te
lank of te kort is,[a] jy mag dit as
’n vrywillige gawe berei; maar
as ’n gelofte sal dit nie met
goedkeuring aangeneem word
nie. **24** Maar een waarvan die
testikels[b] gedruk of verbrysel
of uitgeruk of afgesny is, mag
julle vir Jehovah nie offer nie,
en in julle land mag julle hulle
nie aanbied nie. **25** En uit die
hand van ’n uitlander mag jul-
le nie een van hierdie diere as
die brood van julle God aan-
bied nie, want hulle verdorwen-
heid is in hulle. Daar is ’n ge-
brek[c] aan hulle. Hulle sal nie
met goedkeuring van julle aan-
geneem word nie.’ ”[d]

**26** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en gesê:
**27** “As ’n bul of ’n jong ram of
’n bok gebore word, dan moet
dit sewe dae onder sy moeder
bly,[e] maar van die agtste dag
af en daarna sal dit met goed-
keuring aangeneem word as ’n
offer, ’n vuuroffer aan Jehovah.
**28** ’n Bul en ’n skaap mag julle
nie saam met sy kleintjie op een
dag slag nie.[f]

**29** “En as julle ’n dankoffer
aan Jehovah offer,[g] moet julle
dit offer om vir julle goedkeu-
ring te verkry. **30** Op dieself-
de dag moet dit geëet word.[h]
Julle mag niks daarvan tot die
oggend toe laat oorbly nie.[i] Ek
is Jehovah.

**31** “En julle moet my ge-
booie onderhou en dit uitvoer.[j]
Ek is Jehovah. **32** En julle
mag my heilige naam nie ont-
heilig nie,[k] en ek moet onder
die kinders van Israel geheilig
word.[l] Ek is Jehovah wat jul-
le heilig,[m] **33** die Een wat julle
uit Egipteland uitlei om my aan
julle as God te bewys.[n] Ek is Je-
hovah.”

**23** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en ge-
sê: **2** “Praat met die kinders
van Israel, en jy moet vir hul-
le sê: ‘Die seisoenfeeste[a] van Je-
hovah wat julle moet uitroep,[b]
is heilige byeenkomste. Dít is
my seisoenfeeste:

**3** “ ‘Ses dae mag werk ge-
doen word, maar op die sewen-
de dag is ’n sabbat van volkome
rus,[c] ’n heilige byeenkoms. Jul-
le mag géén werk doen nie. Dit
is ’n sabbat vir Jehovah in al die
plekke waar julle woon.[d]

**4** “ ‘Dít is die seisoenfees-
te[e] van Jehovah, heilige by-
eenkomste,[f] wat julle op hulle
vasgestelde tye[g] moet uitroep:
**5** In die eerste maand, op die
veertiende dag van die maand,[h]
tussen die twee aande is die pas-
ga[i] vir Jehovah.

**6** “ ‘En op die vyftiende dag
van hierdie maand is die fees
van die ongesuurde koeke vir
Jehovah.[j] Sewe dae moet julle
ongesuurde koeke eet.[k] **7** Op
die eerste dag moet daar vir jul-
le ’n heilige byeenkoms wees.[l]
Géén swaar werk mag julle
doen nie. **8** Maar julle moet
sewe dae lank ’n vuuroffer vir
Jehovah aanbied. Op die sewen-
de dag moet daar ’n heilige by-
eenkoms wees. Géén swaar
werk mag julle doen nie.’ ”

**9** En Jehovah het voortge-
gaan om met Moses te praat en
gesê: **10** “Praat met die kin-
ders van Israel, en jy moet vir
hulle sê: ‘Wanneer julle uitein-
delik in die land kom wat ek aan
julle gee en julle die oes daar-
van ingesamel het, dan moet
julle ’n gerf van die eerste-
linge[m] van julle oes na die pries-
ter toe bring. **11** En hy moet
die gerf voor Jehovah heen en
weer beweeg[n] om vir julle goed-
keuring te verkry. Die dag net

**HFST. 22**
a Le 21:18
b Le 21:20; De 23:1
c Le 21:21
d Le 7:18; Le 19:7
e Eks 22:30
f Eks 23:19; De 22:6; Spr 12:10
g Le 7:12; Ps 107:22; Ps 116:17; Am 4:5
h Le 7:15
i Eks 12:10
j Le 19:37; Nu 15:40; De 4:40
k Le 18:21; Le 19:12; Am 2:7
l Le 10:3; Jes 29:23; Lu 11:2
m Eks 19:5; Le 20:8; Le 21:8; Joh 17:17
n Eks 6:7; Le 11:45; Nu 15:41

**Tweede kol.**

**HFST. 23**
a Eks 23:14; Le 23:37
b Nu 10:10
c Eks 16:30; Eks 20:10; Le 19:3; Han 15:21
d Ne 13:22; Jes 56:2; Jes 58:13
e Eks 23:14
f Eks 12:16; Nu 29:12
g Nu 9:2
h Nu 9:3; Nu 28:16
i Eks 12:6; De 16:1; Jos 5:10; 1Ko 5:7
j Nu 28:17; Han 12:3; 1Ko 5:8
k Eks 12:15; Eks 13:6; Eks 34:18
l Eks 12:16
m Nu 18:12; Spr 3:9; Ese 44:30; 1Ko 15:20; Jak 1:18
n Le 23:15; 1Ko 15:20; 1Ko 15:23

ná die sabbat moet die pries-
ter dit heen en weer beweeg.
**12** En op die dag dat julle die
gerf heen en weer laat beweeg,
moet julle 'n jong ram sonder
gebrek, in sy eerste jaar, as 'n
brandoffer aan Jehovah bring,
**13** en as die graanoffer wat
daarby behoort, twee tiendes
van 'n efa fynmeel met olie be-
vogtig, as 'n vuuroffer aan Je-
hovah, 'n rustige geur, en as die
drankoffer wat daarby behoort,
'n kwart hin wyn. **14** En jul-
le mag geen brood of gerooster-
de graan of nuwe graan eet tot
op dié dag nie,[a] totdat julle die
offer van julle God gebring het.
Dit is 'n insetting tot onbepaal-
de tyd vir julle geslagte in al die
plekke waar julle woon.

**15** "'En van die dag ná die
sabbat, van die dag af dat jul-
le die gerf van die beweegoffer
gebring het, moet julle vir jul-
le sewe sabbatte tel.[b] Dit moet
volle weke wees. **16** Tot die
dag ná die sewende sabbat moet
julle tel, vyftig dae,[c] en julle
moet 'n nuwe graanoffer[d] vir
Jehovah aanbied. **17** Uit jul-
le woonplekke moet julle twee
brode[e] as 'n beweegoffer bring.
Hulle moet van twee tiendes
van 'n efa fynmeel wees. Hul-
le moet gesuurd[f] gebak word, as
eerste ryp vrugte vir Jehovah.[g]
**18** En saam met die brode moet
julle sewe jaaroud ramlammers
sonder gebrek[h] en een jong bul
en twee ramme aanbied. Hul-
le moet 'n brandoffer aan Jeho-
vah wees saam met die graan-
offer en die drankoffers wat
daarby behoort, as 'n vuurof-
fer van 'n rustige geur aan Je-
hovah. **19** En julle moet een
boklam[i] as 'n sondoffer offer en
twee jaaroud ramlammers as 'n
gemeenskapsoffer.[j] **20** En die
priester moet hulle saam met
die brode van die eerste ryp
vrugte as 'n beweegoffer voor
Jehovah heen en weer beweeg,[a]
tesame met die twee ramlam-
mers. Dit moet die priester s'n
word as iets heiligs vir Jeho-
vah.[b] **21** En julle moet op dié
dag 'n aankondiging doen;[c] daar
sal vir julle 'n heilige byeen-
koms wees. Géén swaar werk
mag julle doen nie. Dit is 'n in-
setting tot onbepaalde tyd in
al julle woonplekke vir julle ge-
slagte.

**22** "'En wanneer julle die
oes van julle land insamel, moet
jy die rand van jou land nie
heeltemal afoes wanneer jy oes
nie, en die oorblyfsels van jou
oes moet jy nie optel nie.[d] Jy
moet dit vir die geteisterde[e]
en die inwonende vreemdeling[f]
laat oorbly. Ek is Jehovah julle
God.'"

**23** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en gesê:
**24** "Praat met die kinders van
Israel en sê: 'In die sewende
maand,[g] op die eerste van die
maand, moet daar vir julle vol-
kome rus wees, 'n gedenkdag
deur trompetgeskal,[h] 'n heilige
byeenkoms.[i] **25** Géén swaar
werk mag julle doen nie, en jul-
le moet 'n vuuroffer vir Jehovah
aanbied.'"

**26** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en gesê:
**27** "Maar op die tiende van
hierdie sewende maand is die
versoendag.[j] 'n Heilige byeen-
koms moet daar vir julle wees,
en julle moet julle siel kasty[k]
en 'n vuuroffer vir Jehovah aan-
bied.[l] **28** En op dié dag mag
julle géén werk doen nie, want
dit is 'n versoendag om vir jul-
le versoening te doen[m] voor
Jehovah julle God; **29** want
elke siel wat hom op dié dag
nie kasty nie, moet uit sy volk

HFST. 23
a Jos 5:11
b Eks 34:22, De 16:9
c Han 2:1
d Nu 28:26, De 16:16
e Ef 2:16, Ef 2:18
f Le 7:13, Ro 5:12
g Eks 23:16, Eks 34:22, Jak 1:18, Op 14:4
h Nu 28:27
i Le 4:23, Nu 28:30
j Le 3:1

Tweede kol.
a Le 7:30
b Le 7:34, Le 10:14, Nu 18:9, De 18:4, 1Ko 9:13
c Nu 10:10
d Le 19:9, De 24:19, Rut 2:3
e Jes 58:7
f Le 19:33, Nu 15:15
g 1Kn 8:2
h Nu 10:10, Nu 29:1
i Nu 29:12
j Eks 30:10, Le 16:30, Le 25:9, 1Jo 1:7
k Le 16:29, Nu 29:7, Ps 35:13, Jes 58:5
l De 16:16, Ese 45:17
m Le 16:34, Heb 9:12, Heb 9:24, Heb 9:26, Heb 10:10, 1Jo 2:2

uitgeroei word.[a] **30** En elke
siel wat op dié dag enige soort
werk doen, dié siel sal ek onder
sy volk uit vernietig.[b] **31** Jul-
le mag géén werk doen nie.[c]
Dit is ’n insetting tot onbe-
paalde tyd vir julle geslagte in
al die plekke waar julle woon.
**32** Dit is vir julle ’n sabbat van
volkome rus,[d] en julle moet jul-
le siel kasty[e] op die negende
van die maand, in die aand. Van
aand tot aand moet julle julle
sabbat hou.”

**33** En Jehovah het voortge-
gaan om met Moses te praat en
gesê: **34** “Praat met die kin-
ders van Israel en sê: ‘Op die
vyftiende dag van hierdie se-
wende maand is die huttefees
vir Jehovah, sewe dae lank.[f]
**35** Op die eerste dag is ’n hei-
lige byeenkoms. Géén swaar
werk mag julle doen nie.
**36** Sewe dae lank moet julle ’n
vuuroffer vir Jehovah aanbied.
Op die agtste dag moet daar
vir julle ’n heilige byeenkoms
wees,[g] en julle moet ’n vuurof-
fer vir Jehovah aanbied. Dit is
’n plegtige vergadering. Géén
swaar werk mag julle doen nie.

**37** “ ‘Dit is die seisoenfeeste[h]
van Jehovah wat julle as heilige
byeenkomste moet uitroep,[i] om
’n vuuroffer[j] vir Jehovah aan
te bied: die brandoffer[k] en die
graanoffer[l] van die offerande
en die drankoffers[m] volgens die
daaglikse voorskrif, **38** behal-
we die sabbatte van Jehovah[n]
en behalwe julle gawes[o] en be-
halwe al julle gelofteoffers[p] en
behalwe al julle vrywillige ga-
wes,[q] wat julle aan Jehovah
moet gee. **39** Maar op die vyf-
tiende dag van die sewende
maand, wanneer julle die op-
brengs van die land ingesamel
het, moet julle die fees[r] van Je-
hovah sewe dae lank[s] vier. Op
die eerste dag is daar volko-
me rus en op die agtste dag
is daar volkome rus.[a] **40** En
op die eerste dag moet julle
vir julle die vrugte van prag-
tige bome neem, die blare van
palmbome[b] en die takke van
digte bome en populiere van
die stroomvallei, en julle moet
sewe dae lank voor Jehovah
julle God vrolik wees.[c] **41** En
julle moet dit sewe dae in die
jaar as ’n fees vir Jehovah vier.[d]
As ’n insetting tot onbepaalde
tyd in julle geslagte moet jul-
le dit in die sewende maand
vier. **42** In die hutte moet jul-
le sewe dae woon.[e] Al die boor-
linge van Israel moet in die
hutte woon,[f] **43** sodat julle ge-
slagte kan weet[g] dat ek die kin-
ders van Israel in die hutte laat
woon het toe ek hulle uit Egip-
teland uitgelei het.[h] Ek is Jeho-
vah julle God.’ ”

**44** So het Moses met die kin-
ders van Israel oor die seisoen-
feeste[i] van Jehovah gepraat.

**24** En Jehovah het met Mo-
ses gepraat en gesê:
**2** “Gee bevel aan die kinders
van Israel dat hulle vir jou
suiwer, uitgestampte olyfolie
vir die lig bring,[j] om die lamp
voortdurend te laat brand.[k]
**3** Buite die voorhangsel van
die Getuienis in die tent van sa-
mekoms moet Äaron dit voort-
durend, van die aand tot die og-
gend, voor Jehovah versorg. Dit
is ’n insetting tot onbepaalde
tyd in julle geslagte. **4** Op die
lampstaander[l] van suiwer goud
moet hy die lampe[m] voortdu-
rend voor Jehovah versorg.[n]

**5** “En jy moet fynmeel neem
en twaalf ringvormige koeke
daarvan bak. Twee tiendes van
’n efa moet vir elke ringvormi-

**HFST. 23**
a Nu 9:13; Nu 15:30
b Han 3:23
c Le 23:28; Mt 12:12; Mr 3:4
d Le 16:31
e Le 16:29; Le 23:27; Nu 29:7; Ps 35:13
f Eks 23:16; Nu 29:12; De 16:13; Esr 3:4; Ne 8:14; Sag 14:16; Joh 7:2
g Ne 8:18; Joh 7:37
h Eks 23:14; De 16:16
i Le 23:4; Nu 28:26; Nu 29:7
j Le 1:9; Le 2:2
k Le 1:3
l Le 2:1; Le 2:11
m Eks 29:40; Nu 15:5; Nu 28:7; Flp 2:17
n Eks 16:23; Eks 20:8; Eks 31:13; Jes 56:2
o Eks 28:38; Nu 18:29
p Nu 29:39; De 12:11
q De 12:6; 1Kr 29:9; 2Kr 35:8; Esr 2:68
r Sag 14:16; Mt 13:39; Mt 24:31; Mt 25:31
s De 16:13

**Tweede kol.**
a Le 23:7; Le 23:24; Nu 29:12
b Ne 8:15; Joh 12:13; Op 7:9
c De 16:15; Ne 8:10
d Nu 29:12; Ne 8:18
e De 31:10
f Ne 8:14; Ne 8:16; Ne 8:17
g Eks 13:14; De 31:13; Ps 78:6
h Eks 12:38; Nu 24:5; Sag 14:16
i Le 23:2

**HFST. 24**
j Eks 27:20
k Nu 8:2; 2Kr 13:11

l Eks 25:31; Jer 52:19; Heb 9:2; m Eks 39:37; n Eks 27:20.

ge koek gebruik word. **6** En jy
moet hulle in twee stapels, ses
in ’n stapel,[a] op die tafel van
suiwer goud neersit voor Je-
hovah.[b] **7** En jy moet suiwer
wierook op elke stapel sit, en
dit moet dien as die brood vir
’n gedenkdeel,[c] ’n vuuroffer aan
Jehovah. **8** Op die een sabbat-
dag na die ander moet hy dit
voortdurend regsit[d] voor Jeho-
vah. Dit is ’n verbond tot onbe-
paalde tyd met die kinders van
Israel. **9** En dit moet Aäron
en sy seuns s’n word,[e] en hulle
moet dit op ’n heilige plek eet,[f]
want dit is iets hoogheiligs vir
hom uit Jehovah se vuuroffers,
as ’n voorskrif tot onbepaalde
tyd.”

**10** En ’n seun van ’n Israe-
litiese vrou, maar wat die seun
van ’n Egiptiese man was,[g] het
uitgegaan tussen die kinders
van Israel in, en die seun van
die Israelitiese vrou en ’n Is-
raelitiese man het in die kamp
met mekaar begin baklei.[h]
**11** En die seun van die Israe-
litiese vrou het die Naam[i] be-
gin smaad en ’n vloek daaroor
uitgespreek.[j] Daarom het hul-
le hom na Moses toe gebring.[k]
Terloops, sy moeder se naam
was Se′lomit, die dogter van Di-
bri, van die stam Dan. **12** Toe
het hulle hom onder bewaking
gestel[l] totdat hulle ’n uitdruk-
like verklaring sou kry volgens
die uitspraak van Jehovah.[m]

**13** En Jehovah het met Mo-
ses gepraat en gesê: **14** “Bring
die een wat die vloek uitge-
spreek het, uit tot buite die
kamp;[n] en almal wat hom ge-
hoor het, moet hulle hande[o]
op sy kop lê, en die hele ver-
gadering moet hom met klip-
pe gooi.[p] **15** En jy moet met
die kinders van Israel praat en
sê: ‘As ’n man ’n vloek oor sy
God uitspreek, dan moet hy ver-
antwoording doen vir sy sonde.
**16** Die smader van Jehovah se
naam moet dus vir seker dood-
gemaak word.[a] Die hele ver-
gadering moet hom vir seker
met klippe gooi. Die inwonende
vreemdeling sowel as die boor-
ling moet doodgemaak word as
hy die Naam smaad.[b]

**17** “ ‘En as ’n man enige men-
sesiel doodslaan, moet hy
vir seker doodgemaak word.[c]
**18** En wie die siel van ’n mak
dier doodslaan, moet daar-
voor vergoeding gee, siel vir
siel.[d] **19** En as ’n man aan
sy metgesel ’n gebrek veroor-
saak, dan moet aan hom ge-
doen word net soos hy gedoen
het.[e] **20** Breuk vir breuk, oog
vir oog, tand vir tand; dieself-
de soort gebrek wat hy aan
die mens veroorsaak, moet aan
hom veroorsaak word.[f] **21** En
wie ’n dier doodslaan,[g] moet
daarvoor vergoeding gee,[h]
maar wie ’n mens doodslaan,
moet doodgemaak word.[i]

**22** “ ‘Een regterlike beslis-
sing moet vir julle geld. Die in-
wonende vreemdeling moet net
soos die boorling wees,[j] want ek
is Jehovah julle God.’ ”[k]

**23** Daarna het Moses met die
kinders van Israel gepraat, en
hulle het die een wat die vloek
uitgespreek het, uitgebring tot
buite die kamp, en hulle het
hom met klippe gegooi.[l] So het
die kinders van Israel gedoen
net soos Jehovah Moses beveel
het.

**25** En Jehovah het verder
met Moses op die berg Si′-
nai gepraat en gesê: **2** “Praat
met die kinders van Israel, en
jy moet vir hulle sê: ‘Wanneer
julle uiteindelik in die land
kom wat ek aan julle gee,[m] dan
moet die land ’n sabbat hou vir

HFST. 24
a Eks 40:23; 1Sa 21:4; Mr 2:26
b Eks 25:24; 1Kn 7:48; Heb 9:2
c Le 2:2; Le 6:15
d Nu 4:7; 1Kr 9:32; 2Kr 2:4; Ne 10:33
e Le 21:22; Le 22:10; 1Sa 21:6; Mt 12:4; Lu 6:4
f Le 6:16
g Eks 12:38; Nu 11:4
h Eks 2:13
i Ps 8:1; Ps 83:18; Ho 12:5
j Eks 20:7; Eks 21:17; Eks 22:28; Le 19:12; Jes 8:21; Op 16:9
k Eks 18:22
l Nu 15:34
m Eks 18:15
n Le 13:46; Nu 5:3
o De 13:9; De 17:7
p Le 5:1; Nu 15:35; De 13:10

Tweede kol.
a De 5:11
b 1Kn 21:10; Ps 74:10
c Ge 9:6; Eks 21:12; Nu 35:31; De 19:13
d Eks 21:35
e Eks 21:23
f Eks 21:24; De 19:21; Mt 5:38
g Eks 21:33
h Eks 21:34; Eks 22:1
i Ge 9:6; Eks 21:12
j Eks 12:49; Le 17:10; Le 19:34; Nu 9:14; Nu 15:16
k Ro 3:29
l Nu 15:36; De 17:7

HFST. 25
m Ge 15:16; De 32:8; Ps 24:1

Jehovah.[a] **3** Ses jaar moet jy
jou land besaai en ses jaar moet
jy jou wingerd snoei, en jy moet
die land se opbrengs insamel.[b]
**4** Maar in die sewende jaar
moet daar ’n sabbat van volko-
me rus vir die land wees,[c] ’n sab-
bat vir Jehovah. Jou land mag
jy nie besaai nie en jou wingerd
mag jy nie snoei nie. **5** Wat
van jou oes opslaan van kor-
rels wat geval het, mag jy nie
afoes nie, en die druiwe van jou
ongesnoeide wingerdstok mag
jy nie insamel nie. Daar moet
’n jaar van volkome rus vir die
land wees. **6** En die sabbatop-
brengs van die land sal vir jul-
le as voedsel dien, vir jou en jou
slaaf en jou slavin en jou loon-
arbeider en die bywoner by jou,
dié wat as vreemdelinge by jou
woon, **7** en vir jou mak dier
en vir die wilde dier wat in jou
land is. Die hele opbrengs daar-
van sal as voedsel dien.

**8** “‘En jy moet vir jou sewe
sabbatsjare tel, sewe maal sewe
jaar, en die dae van die sewe
sabbatsjare moet vir jou nege-
en-veertig jaar wees. **9** En in
die sewende maand, op die tien-
de van die maand,[d] moet jy die
horing wat ’n harde klank het,
laat blaas;[e] op die versoendag[f]
moet julle in julle hele land die
horing laat blaas. **10** En jul-
le moet die vyftigste jaar heilig
en vrylating in die land uitroep
vir al sy inwoners.[g] Dit moet
vir julle ’n Jubeljaar[h] word,
en elkeen van julle moet na
sy besitting terugkeer en elk-
een van julle moet na sy fami-
lie terugkeer.[i] **11** ’n Jubeljaar
moet daardie vyftigste jaar vir
julle word.[j] Julle mag nie saad
saai nie, en ook nie oes wat
in die land opslaan van korrels
wat geval het nie, en ook nie
die druiwe van sy ongesnoei-
de wingerdstokke insamel nie.[k]
**12** Want dit is ’n Jubeljaar. Dit
moet vir julle iets heiligs word.
Van die land af mag julle eet
wat die land voortbring.[a]

**13** “‘In hierdie Jubeljaar
moet elkeen van julle na sy be-
sitting terugkeer.[b] **14** En as
jy handelsware aan jou met-
gesel verkoop of uit jou met-
gesel se hand koop, moet jul-
le mekaar nie veronreg nie.[c]
**15** Volgens die getal jare ná
die Jubeljaar moet jy van jou
metgesel koop; volgens die ge-
tal oesjare moet hy aan jou ver-
koop.[d] **16** Na gelang van die
groot aantal jare moet hy die
koopwaarde daarvan vermeer-
der,[e] en na gelang van die ge-
ringe aantal jare moet hy die
koopwaarde daarvan vermin-
der, want hy verkoop aan jou
die aantal oeste. **17** En nie-
mand van julle mag sy metge-
sel veronreg nie,[f] en jy moet
jou God vrees,[g] want ek is Je-
hovah julle God.[h] **18** En julle
moet my insettinge nakom en
julle moet my regterlike beslis-
sings onderhou en julle moet
dit uitvoer. Dan sal julle beslis
in veiligheid in die land woon.[i]
**19** En die land sal inderdaad sy
vrug gee,[j] en julle sal beslis tot
versadiging toe eet en in veilig-
heid daarin woon.[k]

**20** “‘Maar as julle sê: “Wat
gaan ons in die sewende jaar
eet, aangesien ons nie mag saad
saai of ons oes mag insamel
nie?”[l] **21** dan sal ek beslis in
die sesde jaar my seën vir jul-
le gebied, en dit sal sy oes vir
drie jaar oplewer.[m] **22** En in
die agtste jaar moet julle saad
saai en van die ou oes eet tot die
negende jaar toe. Totdat die oes
hiervan inkom, moet julle die
oue eet.

**23** “‘Die grond moet dus nie
vir altyd verkoop word nie,[n]
want die land is myne.[o] Want

**HFST. 25**

a Le 26:34, 2Kr 36:21
b Eks 23:10
c Eks 23:11, Le 26:34
d Le 23:27
e Nu 10:2, Nu 10:10
f Le 16:30, Le 23:28
g Ps 146:7, Jes 61:1, Jes 63:4, Jer 34:8, Lu 4:18, Ro 8:21
h Le 27:17, Le 27:24
i Le 25:13, Nu 36:4, De 15:1
j Mt 12:8, Mt 12:12, Ro 8:21
k Le 25:5

**Tweede kol.**

a Eks 23:11, Le 25:6
b Le 25:30, Le 27:24
c 1Sa 12:3, Spr 14:31, Am 5:11, Mi 2:2, 1Ko 6:8
d Le 27:18
e Le 27:23
f Le 19:13, Spr 22:22, Jer 7:6
g Ge 20:11, Ge 22:12, Le 25:43, 1Sa 12:24, Ne 5:9, Spr 1:7, Spr 8:13, Han 9:31
h Jes 33:22
i De 12:10, Ps 4:8, Spr 1:33
j Le 26:5, Ps 67:6, Ese 34:27, Jl 2:24
k Ese 34:25
l Le 25:5, Mt 6:25
m Ge 26:12, De 28:8, Mal 3:10
n 1Kn 21:3, Ese 48:14
o 2Kr 7:20, Ps 24:1, Ps 85:1, Jl 2:18

julle is inwonende vreemde-
linge en bywoners vanuit my
standpunt.[a] **24** En in die hele
land van julle besitting moet
julle aan die grond die terug-
koopreg toestaan.[b]

**25** "'As jou broer verarm en
'n deel van sy besitting moet
verkoop, dan moet 'n terug-
koper wat na aan hom ver-
want is, kom en terugkoop wat
sy broer verkoop het.[c] **26** En
as iemand geen terugkoper het
nie en sy hand wins maak en
hy genoeg vind om dit terug te
koop, **27** dan moet hy die jare
bereken vandat hy dit verkoop
het en die geld wat oorbly, te-
ruggee aan die man aan wie hy
verkoop het, en hy moet na sy
besitting terugkeer.[d]

**28** "'Maar as sy hand nie ge-
noeg vind om aan hom terug te
gee nie, dan moet wat hy ver-
koop het, in die hand van die
koper bly tot die Jubeljaar toe;[e]
en in die Jubeljaar moet dit uit-
gaan, en hy moet na sy besitting
terugkeer.[f]

**29** "'En as 'n man 'n woon-
huis in 'n ommuurde stad ver-
koop, dan moet sy terugkoop-
reg geld totdat die jaar van die
tyd af dat hy dit verkoop het,
tot 'n einde kom; sy terugkoop-
reg[g] moet 'n hele jaar geld.
**30** Maar as dit nie teruggekoop
word voordat die volle jaar vir
hom verstryk het nie, dan moet
die huis wat in die ommuurde
stad is, vir altyd die eiendom
van die koper daarvan bly in sy
geslagte. Dit moenie in die Ju-
beljaar uitgaan nie. **31** Maar
die huise van nedersettings wat
geen muur rondom hulle het
nie, moet as deel van die veld
van die land gereken word.
Daarvoor moet die terugkoop-
reg[h] bly geld, en in die Jubel-
jaar[i] moet dit uitgaan.

**32** "'Wat die stede van die
Leviete met die huise van die
stede van hulle besitting be-
tref,[a] die terugkoopreg moet
tot onbepaalde tyd vir die Le-
viete geld.[b] **33** En wanneer
eiendom van die Leviete nie te-
ruggekoop word nie, dan moet
die huis wat in die stad van sy
besitting verkoop is, in die Ju-
beljaar uitgaan;[c] want die hui-
se van die stede van die Leviete
is hulle besitting onder die kin-
ders van Israel.[d] **34** Ook mag
die weiveld[e] van hulle stede nie
verkoop word nie, want dit is
vir hulle 'n besitting tot onbe-
paalde tyd.

**35** "'En as jou broer langs
jou verarm en hy daarom finan-
sieel swak is,[f] dan moet jy hom
ondersteun.[g] As 'n inwonen-
de vreemdeling en 'n bywoner[h]
moet hy by jou aan die lewe bly.
**36** Moenie rente en woeker-
wins van hom neem nie,[i] maar
jy moet jou God vrees;[j] en jou
broer moet by jou aan die lewe
bly. **37** Jy mag nie vir hom jou
geld teen rente gee nie,[k] en jy
mag nie jou voedsel teen woe-
kerwins gee nie. **38** Ek is Je-
hovah julle God, wat julle uit
Egipteland uitgelei het om julle
die land Kanaän te gee,[l] om te
bewys dat ek julle God is.[m]

**39** "'En as jou broer langs
jou verarm en hy hom aan jou
moet verkoop,[n] mag jy hom
nie as 'n werker in slawediens
gebruik nie.[o] **40** Hy moet by
jou wees soos 'n loonarbeider,[p]
soos 'n bywoner. Tot die Jubel-
jaar toe moet hy by jou dien.
**41** En hy moet van jou af uit-
gaan, hy en sy kinders saam
met hom, en hy moet na sy fami-
lie terugkeer, en hy moet na die
besitting van sy voorvaders te-
rugkeer.[q] **42** Want hulle is my
slawe wat ek uit Egipteland uit-
gelei het.[r] Hulle mag hulleself

**HFST. 25**

a 1Kr 29:15, Ps 39:12, 1Pe 2:11
b Le 25:51
c Rut 2:20, Rut 4:4, Rut 4:6, Jer 32:7
d Le 25:50
e Le 25:10, Le 25:13, Le 27:24
f Le 25:10
g Le 25:25, Le 25:51
h Le 25:48
i Le 25:10

**Tweede kol.**

a Nu 35:2, Nu 35:8, Jos 21:2
b Jer 32:8
c Le 25:28
d Nu 18:20, Nu 35:4, De 18:1
e Nu 35:7, Jos 14:4, Jos 21:2
f Le 25:25, De 15:7, Ps 41:1, Spr 14:20, Spr 17:5, Spr 19:17, Mr 14:7
g Ps 37:26, Ps 112:5, Spr 3:27, Spr 14:31, Lu 6:35, Han 11:29, 1Ti 6:18, 1Jo 3:17
h Eks 22:21, Eks 23:9, Le 19:34, De 10:18
i Eks 22:25, De 23:19, Ne 5:7, Ps 15:5, Spr 28:8, Ese 18:13
j Ps 89:7, Spr 8:13, Heb 12:28
k De 23:20, Ne 5:10, Lu 6:35
l Eks 20:2, 1Kn 8:51
m Eks 6:7, Nu 15:41
n Eks 21:2, De 15:12, 2Kn 4:1, Ne 5:5
o Eks 1:14
p Le 25:53, 1Kn 9:22
q Eks 21:3, Le 25:10
r Eks 19:5, Le 25:55

nie verkoop soos ’n slaaf ver-
koop word nie. **43** Jy mag
hom nie met tirannie vertrap
nie,[a] en jy moet jou God vrees.[b]
**44** Wat jou slaaf en jou slavin
betref wat joune word van die
nasies wat rondom julle is, van
hulle mag julle ’n slaaf en ’n sla-
vin koop. **45** En ook van die
kinders van die bywoners wat
as vreemdelinge by julle woon,[c]
van hulle mag julle koop en van
hulle families wat by julle is,
wat vir hulle in julle land gebore
is; en hulle moet julle besitting
word. **46** En julle moet hulle
as ’n erfenis aan julle kinders ná
julle oordra, as ’n erfbesitting
tot onbepaalde tyd.[d] Julle mag
hulle as werkers gebruik, maar
julle broers, die kinders van Is-
rael, mag jy nie, die een die an-
der, met tirannie vertrap nie.[e]

**47** “‘Maar as die hand van
die inwonende vreemdeling of
die bywoner by jou ryk word
en jou broer langs hom ver-
arm het en hy hom aan die in-
wonende vreemdeling of die by-
woner by jou moet verkoop, of
aan ’n familielid van die inwo-
nende vreemdeling, **48** sal die
terugkoopreg in sy geval, nadat
hy hom verkoop het,[f] bly geld.[g]
Een van sy broers kan hom te-
rugkoop.[h] **49** Of sy oom of die
seun van sy oom kan hom te-
rugkoop, of enige bloedverwant
van sy vlees,[i] een van sy fami-
lie, kan hom terugkoop.

“‘Of as sy hand ryk geword
het, dan moet hy homself te-
rugkoop.[j] **50** En hy moet met
sy koper bereken van die jaar
af dat hy hom aan hom verkoop
het tot die Jubeljaar[k] toe, en die
geld waarvoor hy hom verkoop
het, moet met die aantal jare
ooreenkom.[l] Soos die werks-
dae van ’n loonarbeider bere-
ken word, moet hy by hom bly.[m]
**51** As daar nog baie jare is,
moet hy na gelang daarvan sy
terugkoopprys betaal uit die
geld waarvoor hy gekoop is.
**52** Maar as daar net ’n paar
jaar tot die Jubeljaar[a] toe oor is,
dan moet hy vir homself ’n bere-
kening maak. Na gelang van sy
jare moet hy sy terugkoopprys
betaal. **53** Hy moet van jaar
tot jaar soos ’n loonarbeider[b] by
hom bly. Hy mag hom nie met ti-
rannie voor jou oë vertrap nie.[c]
**54** Maar as hy homself nie op
hierdie voorwaardes kan terug-
koop nie, dan moet hy in die Ju-
beljaar uitgaan,[d] hy en sy kin-
ders saam met hom.

**55** “‘Want die kinders van Is-
rael is my slawe. Hulle is my
slawe[e] wat ek uit Egipteland
uitgelei het.[f] Ek is Jehovah julle
God.[g]

**26** “‘Julle mag vir julle geen
waardelose gode maak
nie,[h] en julle mag vir julle geen
gesnede beeld[i] of heilige pilaar
oprig nie, en julle mag geen
klip as ’n vertoonstuk[j] in julle
land sit om julle daarvoor neer
te buig nie;[k] want ek is Je-
hovah julle God. **2** Julle moet
my sabbatte onderhou[l] en ont-
sag hê vir my heiligdom. Ek is
Jehovah.

**3** “‘As julle aanhou om in my
insettinge te wandel en my ge-
booie te onderhou en julle dit
nakom,[m] **4** dan sal ek beslis
julle reënbuie op hulle regte tyd
gee,[n] en die land sal inderdaad
sy opbrengs lewer,[o] en die bome
van die veld sal hulle vrug-
te gee.[p] **5** En julle dorstyd sal
beslis duur tot julle druiwe-
oes, en die druiweoes sal duur
tot die saaityd; en julle sal in-
derdaad julle brood tot versa-
diging toe eet[q] en in veiligheid
in julle land woon.[r] **6** En ek
sal vrede in die land gee,[s] en jul-
le sal inderdaad gaan lê, sonder

HFST. 25
a Eks 1:13, Eks 3:7, Jes 47:6, Ef 6:9, Kol 4:1
b Eks 1:17, Le 25:17, Pr 12:13
c Eks 12:38, Jos 9:21
d Jes 14:2
e Le 25:39, Le 25:43
f Ne 5:5
g Le 25:25
h Ne 5:8
i Rut 2:20
j Le 25:26, 1Ko 7:21
k Le 25:10, Le 25:16
l Le 25:27
m De 15:18, Jes 16:14, Jes 21:16

Tweede kol.
a Le 25:16, Le 27:18
b Le 25:40
c Le 25:43, Kol 4:1
d Eks 21:3, Le 25:40
e Le 25:42
f Eks 13:3, Eks 20:2, Lu 1:74
g De 1:21, Jos 1:9

HFST. 26
h Eks 20:4, Le 19:4, Ps 96:5, Han 17:29, 1Ko 8:4
i De 5:8
j Nu 33:52
k Da 3:18, 1Ko 10:14
l Le 19:30
m De 11:13, Pr 12:13, Jes 48:18
n De 28:12, Jes 30:23, Ese 34:26, Jl 2:23, Am 4:7
o Ps 67:6, Ps 85:12, Sag 8:12
p Ese 34:27, Ese 36:30
q De 11:15, Jl 2:19
r Le 25:18, Spr 1:33, Jer 23:6
s 1Kr 22:9, Ps 29:11, Hag 2:9, Flp 4:9

dat iemand julle laat bewe;[a] en
ek sal die gevaarlike wilde die-
re uit die land laat verdwyn,[b]
en geen swaard sal deur julle
land trek nie.[c] **7** En julle sal
julle vyande beslis agternasit,[d]
en hulle sal inderdaad voor jul-
le val deur die swaard. **8** En
vyf van julle sal beslis honderd
agternasit, en honderd van jul-
le sal tienduisend agternasit, en
julle vyande sal inderdaad voor
julle val deur die swaard.[e]

**9** "'En ek sal my tot julle
wend[f] en julle vrugbaar maak
en julle vermenigvuldig,[g] en ek
sal my verbond met julle na-
kom.[h] **10** En julle sal beslis
die ou oes van die vorige jaar
eet,[i] en julle sal die oue voor
die nuwe uitbring. **11** En ek
sal beslis my tabernakel in jul-
le midde plaas,[j] en my siel sal
julle nie verafsku nie.[k] **12** En
ek sal inderdaad in julle mid-
de wandel en bewys dat ek jul-
le God is,[l] en julle sal my volk
wees.[m] **13** Ek is Jehovah jul-
le God, wat julle uit Egipteland
uitgelei het, sodat julle hulle nie
meer as slawe dien nie,[n] en ek
het julle jukskeie verbreek en
julle regop laat loop.[o]

**14** "'As julle egter nie na my
luister en ook nie al hierdie
gebooie uitvoer nie,[p] **15** en as
julle my insettinge verwerp,[q] en
as julle siel my regterlike beslis-
sings verafsku, sodat julle nie al
my gebooie uitvoer nie en so my
verbond verbreek,[r] **16** dan sal
ek die volgende aan julle doen,
en as straf sal ek beslis ont-
steltenis oor julle bring deur te-
rings[s] en brandende koors, wat
die oë laat ingee[t] en die siel
laat wegkwyn.[u] En julle sal jul-
le saad eenvoudig verniet saai,
aangesien julle vyande dit be-
slis sal opeet.[v] **17** En ek sal in-
derdaad my aangesig teen julle
rig, en julle sal beslis voor julle
vyande verslaan word;[a] en julle
haters sal julle eenvoudig ver-
trap,[b] en julle sal vlug terwyl
niemand julle agtervolg nie.[c]

**18** "'As julle egter ten spy-
te van hierdie dinge nie na
my luister nie, dan sal ek julle
sewe keer soveel vir julle son-
des moet tugtig.[d] **19** En ek sal
die trots van julle sterkte moet
verbreek en julle hemel soos
yster[e] en julle aarde soos koper
moet maak. **20** En julle krag
sal eenvoudig verniet verbruik
word, aangesien julle land nie
sy opbrengs sal lewer nie,[f] en
die bome van die land nie hulle
vrugte sal gee nie.[g]

**21** "'Maar as julle in verset
teen my bly wandel en nie na
my wil luister nie, dan sal ek
julle sewe keer soveel slae moet
toedien volgens julle sondes.[h]
**22** En ek sal die wilde diere van
die veld onder julle instuur,[i] en
hulle sal julle beslis van kinders
beroof[j] en julle mak diere uit-
roei en julle getal verminder, en
julle paaie sal verlate wees.[k]

**23** "'As julle julle nogtans
nie met hierdie dinge deur my
laat teregwys nie[l] en julle een-
voudig in verset teen my moet
wandel, **24** dan sal ek, ja ek,
in verset teen julle moet wan-
del;[m] en ek, ja ek, sal julle sewe
keer vir julle sondes moet tref.[n]
**25** En ek sal beslis 'n swaard
oor julle bring wat wraak uit-
oefen[o] vir die verbond;[p] en jul-
le sal julle inderdaad in julle
stede versamel, en ek sal be-
slis pes onder julle instuur,[q] en
julle sal in die hand van 'n vy-
and gegee word.[r] **26** Wanneer
ek vir julle die stawwe ver-
breek het waaraan ringvormi-
ge brode gehang word,[s] dan sal

**HFST. 26**
a Job 11:19; Ps 4:8; Jer 30:10; Mi 4:4
b 2Kn 17:26
c Ese 14:17
d Ps 18:37
e De 28:7; De 32:30; Jos 23:10; Rig 7:16; Rig 15:15; 1Kr 11:20
f Eks 2:25; 2Kn 13:23
g De 28:4; Ne 9:23; Ps 107:38
h Eks 6:4
i Le 25:22
j Eks 25:8; Jos 22:19; Ese 37:26; Op 21:3
k Le 20:23; Jer 14:21
l Eks 6:7; De 23:14; 2Ko 6:16
m Jer 7:23; Ese 11:20
n Eks 20:2; Le 25:38; Jer 11:4
o Jer 2:20
p De 28:15; Mal 2:2
q 2Kn 17:15; Jer 13:10
r Eks 24:7; De 31:16; Jer 11:10; Heb 8:9
s De 28:22
t 1Sa 2:33
u Ese 33:10
v De 28:33; Rig 6:3

**Tweede kol.**
a De 28:25; Rig 2:14; 1Sa 4:10; Klg 2:17
b Ps 106:41; Klg 1:5
c Le 26:36; Spr 28:1
d Le 26:21; Ps 76:7; Ps 79:12
e De 11:17; 1Kn 17:1
f Jer 12:13; Hag 1:6
g De 11:17; De 28:18; Hag 1:10
h Le 26:18
i De 32:24; 2Kn 17:25; Jer 15:3
j 2Kn 2:24; Ese 5:17
k Rig 5:6; Jes 33:8; Ese 14:15; Sag 7:14
l Jes 1:16; Jer 2:30; Jer 5:3; Heb 12:6

**m** Job 9:4; Ps 18:26; **n** Le 26:18; **o** Ese 6:9; Heb 10:30; **p** Eks 24:7; **q** De 28:21; 2Sa 24:15; Jer 24:10; Am 4:10; **r** Rig 2:14; 1Sa 4:10; **s** Ps 105:16; Ese 5:16.

tien vroue julle brood in net een
oond bak en julle brood volgens
gewig teruggee;[a] en julle sal eet,
maar julle sal nie versadig word
nie.[b]
**27** “‘As julle egter hierin nog
nie na my luister nie en jul-
le eenvoudig in verset teen
my moet wandel,[c] **28** dan sal
ek in heftige verset teen julle
moet wandel,[d] en ek, ja ek, sal
julle sewe keer vir julle sondes
moet tugtig.[e] **29** En julle sal
die vlees van julle seuns moet
eet, en julle sal die vlees van jul-
le dogters eet.[f] **30** En ek sal
beslis julle heilige hoogtes ver-
delg[g] en julle reukwerkstaan-
ders vernietig en julle lyke op
die lyke van julle drekgode lê;[h]
en my siel sal julle eenvoudig
verafsku.[i] **31** En ek sal julle
stede inderdaad aan die swaard
oorgee[j] en julle heiligdomme
verwoes,[k] en ek sal julle rus-
tige geure nie ruik nie.[l] **32** En
ek sal die land verwoes,[m] en jul-
le vyande wat daarin woon, sal
eenvoudig in verbasing daaroor
staar.[n] **33** En ek sal julle on-
der die nasies verstrooi,[o] en ek
sal agter julle ’n swaard uit-
trek;[p] en julle land sal ’n woes-
teny word,[q] en julle stede sal ’n
verlate puinhoop word.
**34** “‘In dié tyd sal die land
sy sabbatte afbetaal, al die dae
dat dit woes lê, terwyl julle in
die land van julle vyande is. Dan
sal die land sabbat hou, aange-
sien dit sy sabbatte moet terug-
betaal.[r] **35** Al die dae dat dit
woes lê, sal dit sabbat hou, om-
dat dit geen sabbat gehou het
gedurende julle sabbatte toe
julle daarin gewoon het nie.
**36** “‘Wat dié betref wat on-
der julle oorbly,[s] ek sal beslis
vreesagtigheid in hulle hart
bring in die lande van hulle vy-
ande; en die geluid van ’n blaar
wat rondgewaai word, sal hul-
le inderdaad op die loop jaag,
en hulle sal vlug soos ’n mens
vir ’n swaard vlug en val son-
der dat iemand hulle agtervolg.[a]
**37** En hulle sal beslis oor me-
kaar struikel soos vir ’n swaard
sonder dat iemand hulle agter-
volg, en julle sal nie die ver-
moë hê om in julle weerstand
voor julle vyande stand te hou
nie.[b] **38** En julle sal onder die
nasies vergaan,[c] en die land
van julle vyande sal julle ver-
teer. **39** Wat dié betref wat
onder julle oorbly, hulle sal
weens hulle oortreding verrot[d]
in die lande van julle vyande.
Ja, ook weens die oortredings
van hulle vaders[e] sal hulle saam
met hulle verrot. **40** En hulle
sal beslis hulle oortreding bely[f]
en die oortreding van hulle va-
ders in hulle ontrouheid, toe
hulle hulle ontrou teenoor my
gedra het, ja, ook toe hulle in
verset teen my gewandel het.[g]
**41** Maar ek het ook in verset
teen hulle gewandel,[h] en ek
moes hulle in die land van hulle
vyande bring.[i]
“‘Dalk sal hulle onbesnede
hart[j] hom dan verneder[k] en sal
hulle dan hulle oortreding afbe-
taal. **42** En ek sal inderdaad
dink aan my verbond met Ja-
kob;[l] en ook aan my verbond
met Isak[m] en ook aan my ver-
bond met Abraham[n] sal ek dink,
en aan die land sal ek dink.
**43** Die hele tyd is die land deur
hulle verlate gelaat en het dit
sy sabbatte afbetaal,[o] terwyl
dit sonder hulle woes gelê het
en hulle vir hulle oortreding
betaal het,[p] omdat, ja, omdat
hulle my regterlike beslissings
verwerp het[q] en hulle siel my in-
settinge verafsku het.[r] **44** En
tog sal ek ten spyte van dit al-

**HFST. 26**

a Ese 4:16
b Jes 9:20; Mi 6:14; Hag 1:6
c Le 26:21
d Jes 59:18; Jer 21:5
e Le 26:18; Le 26:21
f De 28:53; 2Kn 6:29; Jer 19:9; Klg 2:20; Klg 4:10; Ese 5:10
g 1Kn 13:2; 2Kn 23:8; 2Kr 34:3; Jes 27:9
h 2Kn 23:20; Jer 16:18; Ese 6:5
i Ps 78:59
j 2Kn 25:9; 2Kr 36:17; Ne 2:3; Jes 1:7; Jer 4:7
k Ps 74:7; Jer 52:13; Klg 1:10; Mr 13:2
l Ge 8:21
m De 29:23; Jer 9:11; Lu 21:20
n De 28:37; Jer 18:16; Klg 2:15; Ese 5:15
o Ps 44:11; Jer 9:16
p Ese 12:14
q Jer 9:11; Sag 7:14
r 2Kr 36:21
s Jes 24:6

**Tweede kol.**

a Le 26:17; Spr 28:1; Jes 30:17; Ese 21:7
b Jos 7:12; Rig 2:14; Jes 10:4; Jer 37:10
c De 4:27; De 28:48; Jer 42:17
d De 4:27; De 28:65; Ese 6:9
e Eks 20:5; Nu 14:18; De 5:9
f 1Kn 8:33; Ne 9:2; Da 9:5
g Jer 31:19; Ese 36:31
h Le 26:24
i 1Kn 8:47; 2Kr 36:20
j De 30:6; Jer 4:4; Jer 9:26; Ese 44:7; Han 7:51; Ro 2:29
k 2Kr 12:7
l Ge 28:13; Nu 32:11
m Ge 26:3; n Ge 12:7; Eks 2:24; De 4:31; Ps 106:45; Lu 1:72; o Le 26:34; 2Kr 36:21; p Le 26:41; Nu 14:34; q 2Kn 17:15; r Le 26:15.

les, terwyl hulle in die land van
hulle vyande bly, hulle beslis nie
verwerp[a] of hulle verafsku[b] so-
dat ek hulle sal uitroei, dat ek
my verbond[c] met hulle sal ver-
breek nie; want ek is Jehovah
hulle God. **45** En ek sal ten
behoewe van hulle dink aan die
verbond van die voorouers[d] wat
ek voor die oë van die nasies uit
Egipteland uitgelei het,[e] om te
bewys dat ek hulle God is. Ek is
Jehovah.'"

**46** Dit is die voorskrifte en
die regterlike beslissings[f] en die
wette wat Jehovah op die berg
Si′nai deur middel van Moses
tussen hom en die kinders van
Israel gestel het.[g]

**27** En Jehovah het voortge-
gaan om met Moses te
praat en gesê: **2** "Praat met
die kinders van Israel, en jy
moet vir hulle sê: 'As 'n man
deur 'n spesiale gelofte[h] siele
vir Jehovah aanbied volgens die
geskatte waarde, **3** en die ge-
skatte waarde dié van 'n man
van twintig jaar oud tot sestig
jaar oud moet wees, dan moet
die geskatte waarde vyftig sik-
kels silwer wees volgens die sik-
kel van die heiligdom. **4** Maar
as dit 'n vrou is, dan moet die
geskatte waarde dertig sikkels
wees. **5** En as die ouderdom
van vyf jaar oud tot twintig
jaar oud is, dan moet die ge-
skatte waarde van iemand van
die manlike geslag twintig sik-
kels wees en vir die vroulike ge-
slag tien sikkels. **6** En as die
ouderdom van 'n maand oud tot
vyf jaar oud is, dan moet die ge-
skatte waarde van iemand van
die manlike geslag vyf[i] sikkels
silwer wees en moet die geskat-
te waarde vir die vroulike ge-
slag drie sikkels silwer wees.

**7** "'En as die ouderdom ses-
tig jaar en ouer is, dan moet die
geskatte waarde, as dit 'n man
is, vyftien sikkels wees en vir
die vrou tien sikkels. **8** Maar
as hy te arm geword het vir
die geskatte waarde,[a] dan moet
hy die persoon voor die pries-
ter stel, en die priester moet
aan hom 'n waarde toeken.[b] Vol-
gens wat hy kan bekostig wat
die gelofte gedoen het,[c] moet
die priester aan hom 'n waarde
toeken.

**9** "'En as dit 'n dier is, soos
wat 'n mens as 'n offer vir Je-
hovah kan aanbied, sal alles wat
hy aan Jehovah gee, iets heiligs
word.[d] **10** Hy mag dit nie ver-
vang nie, en hy mag dit nie om-
ruil, goed vir sleg of sleg vir
goed nie. Maar as hy dit hoege-
naamd omruil, dier vir dier, dan
moet dít en wat daarvoor om-
geruil is, iets heiligs word.
**11** En as dit enige onrein[e] dier
is, soos wat 'n mens nie as 'n of-
fer vir Jehovah mag aanbied
nie,[f] dan moet hy die dier voor
die priester stel.[g] **12** En die
priester moet 'n waarde daar-
aan toeken, of dit goed of sleg is.
Volgens die waarde wat deur die
priester geskat word,[h] so moet
dit wees. **13** Maar as hy dit
hoegenaamd wil terugkoop, dan
moet hy 'n vyfde[i] daarvan by die
geskatte waarde voeg.

**14** "'En as 'n man sy huis hei-
lig as iets heiligs aan Jehovah,
dan moet die priester die waar-
de daarvan bepaal, of dit goed of
sleg is.[j] Volgens die waarde wat
die priester daarvoor bepaal, so-
veel moet dit kos. **15** Maar as
hy wat dit geheilig het, sy huis
wil terugkoop, dan moet hy 'n
vyfde van die geld van die ge-
skatte waarde daarby voeg;[k] en
dit sal syne word.

**16** "'En as 'n man 'n stuk
grond van sy besitting[l] aan
Jehovah heilig, dan moet die
waarde geskat word na gelang

**HFST. 26**
a De 4:31, 2Kn 13:23, Ne 9:31, Ro 11:2
b Le 26:11
c De 4:13, Jer 14:21
d Eks 24:3, Eks 24:8, De 9:9
e Ps 98:2, Ese 20:9
f De 6:1
g Le 27:34, Joh 1:17

**HFST. 27**
h Nu 6:2, De 23:21, Rig 11:30, 1Sa 1:11, Pr 5:4
i Nu 18:16

**Tweede kol.**
a Le 5:7, Le 5:11, Le 12:8, Le 14:21
b Nu 3:6, 2Kn 12:4
c Lu 21:2, 2Ko 8:12
d Le 2:3, Nu 18:9
e Le 20:25, De 14:7
f Mal 1:11
g Le 10:10, Nu 3:6, Ese 44:23
h Le 5:15, Le 6:6
i Le 5:16, Le 6:5, Le 22:14, Le 27:19
j Le 27:12
k Le 27:13
l Han 4:34

van die saad daarvoor: as dit ’n homer[a] garssaad is, dan op vyftig sikkels silwer. **17** As hy sy stuk grond van die Jubeljaar[b] af heilig, moet dit soveel kos as wat die geskatte waarde is. **18** En as hy sy stuk grond ná die Jubeljaar heilig, dan moet die priester vir hom die prys bereken na gelang van die jare wat tot die volgende Jubeljaar oor is, en ’n aftrekking moet van die geskatte waarde gemaak word.[c] **19** Maar as hy wat dit geheilig het, die stuk grond hoegenaamd terugkoop, dan moet hy ’n vyfde van die geld van die geskatte waarde daarby voeg, en dit sal syne bly.[d] **20** En as hy die stuk grond nie terugkoop nie, maar as die stuk grond aan ’n ander man verkoop word, mag dit nie meer teruggekoop word nie. **21** En wanneer die stuk grond in die Jubeljaar uitgaan, sal dit iets heiligs vir Jehovah word, soos ’n stuk grond wat gewy is.[e] Dit sal in die besit van die priester kom.[f]

**22** “‘En as hy ’n stuk grond aan Jehovah heilig wat deur hom gekoop is, wat geen deel van die grond van sy besitting is nie,[g] **23** dan moet die priester vir hom die bedrag van die waardebepaling tot die Jubeljaar bereken, en hy moet die geskatte waarde op dié dag gee.[h] Dit is iets heiligs vir Jehovah.[i] **24** In die Jubeljaar sal die grond teruggaan na hom van wie hy dit gekoop het, na hom aan wie die besitting van die grond behoort.[j]

**25** “‘En elke waarde moet volgens die sikkel van die heiligdom geskat word. Die sikkel moet twintig gera wees.[k]

**26** “‘Net die eersgeborene onder die diere, wat as die eersgeborene vir Jehovah gebore word,[a] dit mag geen man heilig nie. Hetsy dit ’n bul of ’n skaap is, dit behoort aan Jehovah.[b] **27** En as dit onder die onrein diere[c] is en hy dit volgens die geskatte waarde moet loskoop, dan moet hy ’n vyfde daarvan byvoeg.[d] Maar as dit nie teruggekoop word nie, dan moet dit volgens die geskatte waarde verkoop word.

**28** “‘Maar niks wat gewy is, wat ’n man aan Jehovah wy om vernietig te word,[e] van alles wat syne is, of dit uit mense of diere of uit die grond van sy besitting is, mag verkoop word nie, en niks wat gewy is, mag teruggekoop word nie.[f] Dit is iets hoogheiligs vir Jehovah. **29** Niemand wat gewy is, wat onder die mense gewy is om vernietig te word, mag losgekoop word nie.[g] Hy moet vir seker doodgemaak word.[h]

**30** “‘En al die tiendes[i] van die land, van die saad van die land en die vrugte van die bome, behoort aan Jehovah. Dit is iets heiligs vir Jehovah. **31** En as ’n man hoegenaamd iets van sy tiende wil terugkoop, moet hy ’n vyfde daarvan byvoeg.[j] **32** Wat al die tiendes van die beeste en kleinvee betref, alles wat onder die herderstaf deurgaan,[k] die tiende dier moet iets heiligs vir Jehovah word. **33** Hy mag nie ondersoek of dit goed of sleg is nie, en ook mag hy dit nie omruil nie. Maar as hy dit hoegenaamd omruil, dan moet dít en wat daarvoor omgeruil is, iets heiligs word.[l] Dit mag nie teruggekoop word nie.’”

**34** Dit is die gebooie[m] wat Jehovah op die berg Si′nai aan Moses gegee het[n] as bevele vir die kinders van Israel.

HFST. 27
a Ese 45:11, Ho 3:2
b Le 25:10, Le 25:50
c Le 25:15, Le 25:16, Le 25:27
d Le 27:13
e De 22:9, Ese 44:29
f Nu 18:14
g Le 25:10, Le 25:25
h Le 27:12, Le 27:18
i Le 27:9
j Le 25:28
k Eks 30:13, Nu 3:47, Nu 18:16, Ese 45:12

Tweede kol.
a Eks 13:2, Nu 18:17
b Eks 22:30, De 15:19
c De 15:21
d Le 27:13
e Eks 22:20, De 7:25, De 7:26, Jos 6:17, Jos 7:1, 1Sa 15:3
f Nu 18:14
g Nu 21:2, 1Sa 15:18
h 1Sa 15:33
i Ge 14:20, Ge 28:22, Nu 18:21, Nu 18:26, De 12:6, De 14:22, 2Kr 31:5, Ne 13:12, Mal 3:10, Lu 11:42, Heb 7:5
j Le 27:13
k Jer 33:13
l Le 27:10
m Le 26:46, De 4:45
n Eks 3:1, Nu 1:1, Joh 1:17

# NUMERI

**1** En Jehovah het met Moses
gepraat in die wildernis Si′-
nai,[a] in die tent van samekoms,[b]
op die eerste dag van die twee-
de maand, in die tweede jaar ná
hulle uittog uit Egipteland,[c] en
hy het gesê: **2** “NEEM die volle
getal[d] op van die hele vergade-
ring van die kinders van Israel
volgens hulle families, volgens
die huis van hulle vaders, vol-
gens die getal name, al die man-
ne, kop vir kop, **3** van twin-
tig jaar en ouer,[e] elkeen wat in
Israel in die leër uittrek.[f] Jul-
le moet hulle volgens hulle leërs
registreer, jy en Aäron.

**4** “En ’n aantal manne moet
by julle wees, een man vir elke
stam; elkeen is ’n hoof van die
huis van sy vaders.[g] **5** En dít
is die name van die manne wat
by julle moet staan: Van Ru-
ben:[h] Eli′sur,[i] die seun van Se-
de′ür; **6** van Si′meon:[j] Selu′-
miël,[k] die seun van Suri′saddai;
**7** van Juda:[l] Nagson,[m] die seun
van Ammina′dab; **8** van Is′sas-
kar:[n] Neta′nel,[o] die seun van
Suar; **9** van Se′bulon:[p] Eli′ab,[q]
die seun van Helon; **10** van die
kinders van Josef:[r] van E′fraim:[s]
Elisa′ma, die seun van Ammi′-
hud; van Manas′se:[t] Gama′liël,
die seun van Peda′sur; **11** van
Benjamin:[u] Abi′dan,[v] die seun
van Gideo′ni; **12** van Dan:[w]
Ahiëser,[x] die seun van Am-
mi′saddai; **13** van Aser:[y] Pa′-
giël,[z] die seun van Ogran;
**14** van Gad:[a] El′jasaf,[b] die seun
van De′huel;[c] **15** van Naf′ta-
li:[d] Ahi′ra,[e] die seun van Enan.
**16** Dit is die geroepenes van die
vergadering, die owerstes[f] van
die stamme van hulle vaders.
Hulle is die hoofde van die dui-
sende van Israel.”[g]

**17** Toe het Moses en Aäron
hierdie manne geneem wat by
name aangewys is. **18** En hul-
le het die hele vergadering op
die eerste dag van die tweede
maand bymekaar laat kom, so-
dat hulle hulle afstamming[a] kon
laat bevestig volgens hulle fa-
milies in die huis van hulle va-
ders, volgens die getal name,
van twintig jaar en ouer,[b] kop
vir kop, **19** net soos Jehovah
Moses beveel het; en hy het hul-
le in die wildernis Si′nai geregis-
treer.[c]

**20** En die seuns van Ruben,
Israel se eersgeborene,[d] hul-
le nakomelinge volgens hulle fa-
milies in die huis van hulle va-
ders, volgens die getal name,
kop vir kop, al die manne van
twintig jaar en ouer, elkeen
wat in die leër uittrek, **21** hul-
le geregistreerdes van die stam
Ruben was ses-en-veertigdui-
send-vyfhonderd.[e]

**22** Van die seuns van Si′me-
on,[f] hulle nakomelinge volgens
hulle families in die huis van
hulle vaders, sy geregistreer-
des volgens die getal name, kop
vir kop, al die manne van twin-
tig jaar en ouer, elkeen wat in
die leër uittrek, **23** hulle gere-
gistreerdes van die stam Si′me-
on was nege-en-vyftigduisend-
driehonderd.[g]

**24** Van die seuns van Gad,[h]
hulle nakomelinge volgens hul-
le families in die huis van hulle
vaders, volgens die getal name,
van twintig jaar en ouer, elkeen
wat in die leër uittrek, **25** hul-
le geregistreerdes van die stam
Gad[i] was vyf-en-veertigduisend-
seshonderd-en-vyftig.[j]

**HFST. 1**

a Eks 19:1; De 33:2; Han 7:38
b Eks 25:22
c Eks 40:17
d Eks 30:12
e Eks 30:14
f De 3:18
g Eks 18:25; Nu 1:16; Jos 22:14; Jos 23:2; 1Kr 27:1
h Ge 49:3
i Nu 2:10
j Ge 29:33; Ge 49:5
k Nu 7:36
l Ge 29:35; Ge 49:10
m Rut 4:20; Lu 3:32
n Ge 30:18; Ge 49:14
o Nu 10:15
p Ge 30:20; Ge 49:13
q Nu 7:24
r Ge 30:24; Ge 49:22; 1Kr 5:1
s Ge 41:52; Ge 48:20
t Ge 41:51
u Ge 35:18; Ge 49:27
v Nu 2:22
w Ge 30:6; Ge 49:17
x Nu 7:66
y Ge 30:13; Ge 49:20
z Nu 7:72
a Ge 30:11; Ge 49:19
b Nu 7:42; Nu 10:20
c Nu 2:14
d Ge 30:8; Ge 49:21
e Nu 2:29; Nu 10:27
f Eks 18:21; Nu 7:2
g De 1:15

**Tweede kol.**

a Esr 2:62; Ne 7:61
b Eks 30:14; Nu 14:29
c Nu 26:2
d Ge 29:32; Ge 49:3; Nu 2:10; 1Kr 5:1
e Nu 2:11
f Ge 29:33; Ge 46:10; Nu 2:12; Nu 26:12
g Nu 2:13

**h** Ge 30:11; Ge 46:16; Nu 26:15; **i** Nu 26:18; **j** Nu 2:15.

**26** Van die seuns van Juda,[a]
hulle nakomelinge volgens hul-
le families in die huis van hulle
vaders, volgens die getal name,
van twintig jaar en ouer, elkeen
wat in die leër uittrek, **27** hul-
le geregistreerdes van die stam
Juda was vier-en-sewentigdui-
send-seshonderd.[b]

**28** Van die seuns van Is′sas-
kar,[c] hulle nakomelinge volgens
hulle families in die huis van
hulle vaders, volgens die ge-
tal name, van twintig jaar en
ouer, elkeen wat in die leër uit-
trek, **29** hulle geregistreerdes
van die stam Is′saskar was vier-
en-vyftigduisend-vierhonderd.[d]

**30** Van die seuns van Se′bu-
lon,[e] hulle nakomelinge volgens
hulle families in die huis van
hulle vaders, volgens die getal
name, van twintig jaar en ouer,
elkeen wat in die leër uittrek,
**31** hulle geregistreerdes van
die stam Se′bulon was sewe-en-
vyftigduisend-vierhonderd.[f]

**32** Van die seuns van Josef:
van die seuns van E′fraim,[g] hul-
le nakomelinge volgens hulle fa-
milies in die huis van hulle va-
ders, volgens die getal name,
van twintig jaar en ouer, elkeen
wat in die leër uittrek, **33** hul-
le geregistreerdes van die stam
E′fraim[h] was veertigduisend-
vyfhonderd.[i]

**34** Van die seuns van Manas′-
se,[j] hulle nakomelinge volgens
hulle families in die huis van
hulle vaders, volgens die getal
name, van twintig jaar en ouer,
elkeen wat in die leër uittrek,
**35** hulle geregistreerdes van
die stam Manas′se was twee-en-
dertigduisend-tweehonderd.[k]

**36** Van die seuns van Benja-
min,[l] hulle nakomelinge vol-
gens hulle families in die huis
van hulle vaders, volgens die ge-
tal name, van twintig jaar en
ouer, elkeen wat in die leër uit-
trek, **37** hulle geregistreerdes
van die stam Benjamin was vyf-
en-dertigduisend-vierhonderd.[a]

**38** Van die seuns van Dan,[b]
hulle nakomelinge volgens hul-
le families in die huis van hulle
vaders, volgens die getal name,
van twintig jaar en ouer, elkeen
wat in die leër uittrek, **39** hul-
le geregistreerdes van die stam
Dan was twee-en-sestigduisend-
sewehonderd.[c]

**40** Van die seuns van Aser,[d]
hulle nakomelinge volgens hul-
le families in die huis van hulle
vaders, volgens die getal name,
van twintig jaar en ouer, elk-
een wat in die leër uittrek,
**41** hulle geregistreerdes van
die stam Aser was een-en-veer-
tigduisend-vyfhonderd.[e]

**42** Van die seuns van Naf′-
tali,[f] hulle nakomelinge vol-
gens hulle families in die huis
van hulle vaders, volgens die ge-
tal name, van twintig jaar en
ouer, elkeen wat in die leër uit-
trek, **43** hulle geregistreerdes
van die stam Naf′tali was drie-
en-vyftigduisend-vierhonderd.[g]

**44** Dit is die geregistreerdes,
wat Moses geregistreer het, te-
same met Aäron en die ower-
stes van Israel, twaalf man.
Elkeen van hulle het die huis
van sy vaders verteenwoordig.
**45** En al die geregistreerdes
van die kinders van Israel vol-
gens die huis van hulle vaders,
van twintig jaar en ouer, elkeen
wat in Israel in die leër uittrek,
was, **46** ja, al die geregistreer-
des was seshonderd-en-driedui-
send-vyfhonderd-en-vyftig.[h]

**47** Maar die Leviete,[i] vol-
gens die stam van hulle va-
ders, is nie onder hulle gere-
gistreer nie.[j] **48** En Jehovah
het met Moses gepraat en gesê:
**49** "Net die stam Levi mag jy

**HFST. 1**

a Ge 29:35, Ge 46:12, Ge 49:10, Nu 2:3, 1Kr 5:2, Mt 1:2, Heb 7:14, Op 5:5
b Nu 2:4, Nu 26:22
c Ge 30:18, Ge 46:13, Nu 2:5, Nu 26:23
d Nu 2:6
e Ge 30:20
f Nu 2:8
g Ge 41:52, Ge 46:20, Ge 48:19, Nu 2:18, Nu 26:35, De 33:17, Rig 12:6, Jer 7:15
h Ge 48:5
i Nu 2:19
j Nu 2:20, Nu 26:29
k Nu 2:21
l Ge 43:29, Ge 46:21, Nu 26:38

**Tweede kol.**

a Nu 2:23
b Ge 30:6, Ge 46:23, Nu 2:25, Nu 10:25, Nu 26:42
c Nu 2:26
d Ge 35:26, Nu 2:27
e Nu 2:28
f Ge 30:8, Ge 46:24, Nu 26:48
g Nu 2:30
h Ge 13:16, Ge 22:17, Ge 46:3, Eks 12:37, Eks 38:26, Nu 2:32
i Ge 29:34, Ge 46:11, Nu 3:12, 1Kr 6:1
j Nu 2:33, Nu 26:64

nie registreer nie, en hulle volle
getal mag jy nie onder die kin-
ders van Israel opneem nie.[a]
**50** En jy moet die Leviete oor
die tabernakel van die Getuie-
nis[b] aanstel en oor al sy voor-
werpe en oor alles wat daarby
behoort.[c] Hulle moet die taber-
nakel en al sy voorwerpe dra,[d]
en hulle moet daarby diens
doen;[e] en rondom die taberna-
kel moet hulle kamp opslaan.[f]
**51** En wanneer die taberna-
kel wegtrek, moet die Levie-
te dit afbreek;[g] en wanneer die
tabernakel kamp opslaan, moet
die Leviete dit oprig; en elke
vreemdeling wat nader kom,
moet doodgemaak word.[h]

**52** "En die kinders van Israel
moet kamp opslaan elkeen vol-
gens sy kamp, en elke man vol-
gens sy driestamafdeling,[i] vol-
gens hulle leërs. **53** En die
Leviete moet rondom die taber-
nakel van die Getuienis kamp
opslaan, sodat geen veront-
waardiging[j] teen die vergade-
ring van die kinders van Israel
ontstaan nie; en die Leviete
moet die diens ten opsigte van
die tabernakel van die Getuie-
nis waarneem."[k]

**54** En die kinders van Israel
het gedoen volgens alles wat Je-
hovah Moses beveel het. Hulle
het net so gedoen.[l]

**2** Jehovah het toe met Moses
en Aäron gepraat en gesê:
**2** "Die kinders van Israel moet
kamp opslaan, elke man volgens
sy driestamafdeling,[m] volgens
die tekens vir die huis van hul-
le vaders. Hulle moet rondom
regoor die tent van samekoms
kamp opslaan.

**3** "En dié wat aan die oos-
tekant kamp opslaan, teen die
sonsopgang, moet die driestam-
afdeling van die kamp van Juda
volgens hulle leërs wees, en die
owerste van die kinders van
Juda is Nagson,[a] die seun van
Ammina′dab. **4** En sy leër en
hulle geregistreerdes is vier-en-
sewentigduisend-seshonderd.[b]
**5** En dié wat langs hom kamp
opslaan, moet die stam Is′sas-
kar[c] wees, en die owerste van
die kinders van Is′saskar is
Neta′nel,[d] die seun van Suar.
**6** En sy leër en sy geregis-
treerdes is vier-en-vyftigdui-
send-vierhonderd.[e] **7** En die
stam Se′bulon; en die owerste
van die kinders van Se′bulon
is Eli′ab,[f] die seun van Helon.
**8** En sy leër en sy geregistreer-
des is sewe-en-vyftigduisend-
vierhonderd.[g]

**9** "Al die geregistreerdes van
die kamp van Juda is honderd-
ses-en-tagtigduisend-vierhon-
derd volgens hulle leërs. Hulle
moet eerste wegtrek.[h]

**10** "Die driestamafdeling van
die kamp van Ruben[i] moet aan
die suidekant volgens hulle leërs
wees, en die owerste van die
kinders van Ruben is Eli′sur,[j]
die seun van Sede′ür. **11** En sy
leër en sy geregistreerdes is ses-
en-veertigduisend-vyfhonderd.[k]
**12** En dié wat langs hom kamp
opslaan, moet die stam Si′me-
on wees, en die owerste van
die kinders van Si′meon is Selu′-
miël,[l] die seun van Suri′saddai.
**13** En sy leër en hulle geregis-
treerdes is nege-en-vyftigdui-
send-driehonderd.[m] **14** En die
stam Gad; en die owerste van
die kinders van Gad is El′jasaf,[n]
die seun van Re′huel. **15** En
sy leër en hulle geregistreer-
des is vyf-en-veertigduisend-
seshonderd-en-vyftig.[o]

**16** "Al die geregistreerdes
van die kamp van Ruben is hon-
derd-een-en-vyftigduisend-vier-
honderd-en-vyftig volgens hul-
le leërs, en hulle moet tweede
wegtrek.[p]

**HFST. 1**
a Nu 26:62
b Eks 31:18
c Eks 38:21, Nu 3:8
d Nu 4:15, Nu 4:25, Nu 4:33
e Nu 3:31, Nu 4:12
f Nu 2:17, Nu 3:23, Nu 3:29, Nu 3:35, Nu 3:38
g Nu 10:17, Nu 10:21
h Nu 3:10, Nu 18:22, 1Sa 6:19
i Nu 2:2, Nu 2:34
j Le 10:6, Nu 8:19, Nu 16:46, Nu 18:5
k Nu 8:24, Nu 18:3, Nu 31:30, 1Kr 23:32, 2Kr 13:10
l Eks 39:32

**HFST. 2**
m Nu 1:52, Nu 24:2

**Tweede kol.**
a Nu 7:12, Nu 10:14, Rut 4:20, 1Kr 2:10, Mt 1:4
b Nu 1:27
c Ge 35:23
d Nu 1:8, Nu 7:18, Nu 10:15
e Nu 1:29
f Nu 1:9, Nu 7:24, Nu 10:16
g Nu 1:31
h Nu 10:14, 1Kr 5:2
i Nu 1:20
j Nu 1:5, Nu 7:30, Nu 10:18
k Nu 1:21
l Nu 1:6, Nu 7:36, Nu 10:19
m Nu 1:23
n Nu 1:14, Nu 7:42, Nu 10:20
o Nu 1:25
p Nu 10:18, 1Kr 5:1

**17** “Wanneer die tent van sa-
mekoms[a] moet wegtrek, moet
die kamp van die Leviete[b] in die
middel van die kampe wees.

“Net soos hulle kamp moet
opslaan, so moet hulle weg-
trek,[c] elkeen op sy plek, volgens
hulle driestamafdelings.

**18** “Die driestamafdeling van
die kamp van E′fraim[d] volgens
hulle leërs moet aan die weste-
kant wees, en die owerste van
die kinders van E′fraim is Eli-
sa′ma,[e] die seun van Ammi′hud.
**19** En sy leër en hulle geregis-
treerdes is veertigduisend-vyf-
honderd.[f] **20** En langs hom
moet die stam Manas′se[g] wees,
en die owerste van die kin-
ders van Manas′se is Gama′liël,[h]
die seun van Peda′sur. **21** En
sy leër en hulle geregistreer-
des is twee-en-dertigduisend-
tweehonderd.[i] **22** En die stam
Benjamin;[j] en die owerste van
die kinders van Benjamin is
Abi′dan,[k] die seun van Gideo′ni.
**23** En sy leër en hulle gere-
gistreerdes is vyf-en-dertigdui-
send-vierhonderd.[l]

**24** “Al die geregistreerdes
van die kamp van E′fraim is
honderd-en-agtduisend-een-
honderd volgens hulle leërs, en
hulle moet derde wegtrek.[m]

**25** “Die driestamafdeling van
die kamp van Dan moet aan die
noordekant volgens hulle leërs
wees, en die owerste van die
kinders van Dan is Ahiëser,[n] die
seun van Ammi′saddai. **26** En
sy leër en hulle geregistreerdes
is twee-en-sestigduisend-sewe-
honderd.[o] **27** En dié wat langs
hom kamp opslaan, moet die
stam Aser wees, en die ower-
ste van die kinders van Aser
is Pa′giël,[p] die seun van Ogran.
**28** En sy leër en hulle gere-
gistreerdes is een-en-veertig-
duisend-vyfhonderd.[q] **29** En
die stam Naf′tali;[r] en die ower-
ste van die kinders van Naf′ta-
li is Ahi′ra,[a] die seun van Enan.
**30** En sy leër en hulle gere-
gistreerdes is drie-en-vyftigdui-
send-vierhonderd.[b]

**31** “Al die geregistreerdes
van die kamp van Dan is hon-
derd-sewe-en-vyftigduisend-
seshonderd. Hulle moet laaste
wegtrek[c]—volgens hulle drie-
stamafdelings.”

**32** Dit was die geregistreer-
des van die kinders van Is-
rael volgens die huis van hul-
le vaders; al die geregistreerdes
van die kampe volgens hul-
le leërs was seshonderd-en-drie-
duisend-vyfhonderd-en-vyftig.[d]
**33** Maar die Leviete is nie on-
der die kinders van Israel gere-
gistreer nie,[e] net soos Jeho-
vah Moses beveel het. **34** En
die kinders van Israel het ge-
doen volgens alles wat Jehovah
Moses beveel het.[f] So het hulle
volgens hulle driestamafdelings
kamp opgeslaan,[g] en so het hul-
le weggetrek,[h] elkeen volgens
sy families, volgens die huis van
sy vaders.

**3** En dit was die geslagte van
Aäron en Moses op die dag
toe Jehovah met Moses op die
berg Si′nai gepraat het.[i] **2** En
dít was die name van Aäron
se seuns: Nadab, die eersge-
borene, en Abi′hu,[j] Elea′sar[k] en
I′tamar.[l] **3** Dit was die name
van Aäron se seuns, die gesalf-
de priesters wie se hand met
mag gevul is om as priesters te
dien.[m] **4** Nadab en Abi′hu het
egter voor Jehovah gesterf toe
hulle in die wildernis Si′nai on-
wettige vuur[n] voor Jehovah ge-
offer het; en hulle het geen kin-
ders gehad nie. Maar Elea′sar[o]
en I′tamar[p] het voortgegaan om
tesame met hulle vader Aäron
as priesters te dien.

**5** En Jehovah het met Mo-
ses gepraat en gesê: **6** “Laat

**HFST. 2**
a Nu 1:51, Han 7:44, Heb 8:5, Heb 9:11
b Nu 3:6, Nu 3:12
c 1Ko 14:33, 1Ko 14:40
d Nu 1:33
e Nu 1:10, Nu 7:48, Nu 10:22
f Nu 1:33
g Ge 48:20
h Nu 1:10, Nu 7:54, Nu 10:23
i Nu 1:35
j Ge 35:18, Ps 68:27
k Nu 1:11, Nu 7:60, Nu 10:24
l Nu 1:37
m Nu 10:22
n Nu 1:12, Nu 7:66, Nu 10:25
o Nu 1:39
p Nu 1:13, Nu 7:72, Nu 10:26
q Nu 1:41
r Ge 46:24

**Tweede kol.**
a Nu 1:15, Nu 7:78, Nu 10:27
b Nu 1:43
c Nu 10:25
d Ge 15:5, Eks 12:37, Eks 38:26, Nu 1:46, Nu 11:21, Nu 14:29, Nu 26:51
e Nu 1:47, Nu 3:15, Nu 26:62
f Nu 1:54
g Nu 1:52, Nu 2:2, Nu 24:2
h Nu 10:28

**HFST. 3**
i Eks 19:2, Le 25:1
j Eks 6:23, Le 10:1, 1Kr 24:2
k Eks 6:25, De 10:6
l Eks 38:21, 1Kr 6:3
m Eks 28:1, Le 8:2
n Le 10:1, Nu 26:61
o Nu 3:32, Nu 20:26
p Nu 4:28, Nu 7:8

die stam Levi[a] nader kom, en
jy moet hulle voor die priester
Aäron stel, en hulle moet hom
dien.[b] **7** En hulle moet hul-
le verpligting teenoor hom en
hulle verpligting teenoor die
hele vergadering voor die tent
van samekoms nakom, deur die
diens van die tabernakel te ver-
rig. **8** En hulle moet omsien
na al die voorwerpe[c] van die
tent van samekoms, ja, na die
verpligting van die kinders van
Israel, deur die diens van die
tabernakel te verrig.[d] **9** En jy
moet die Leviete aan Aäron en
sy seuns gee. Hulle is gegewe-
nes, wat aan hom gegee is uit
die kinders van Israel.[e] **10** En
jy moet Aäron en sy seuns aan-
stel, en hulle moet hulle pries-
terskap vervul;[f] en elke vreem-
deling wat nader kom, moet
doodgemaak word."[g]

**11** En Jehovah het voort-
gegaan om met Moses te praat
en gesê: **12** "Kyk! Ek neem
die Leviete onder die kinders
van Israel uit in die plek van
al die eersgeborenes[h] wat die
moederskoot open onder die
kinders van Israel; en die Levie-
te moet myne word. **13** Want
elke eersgeborene is myne.[i] Op
die dag toe ek elke eersgebo-
rene in Egipteland getref het,[j]
het ek elke eersgeborene in Is-
rael vir my geheilig, mens sowel
as dier.[k] Hulle moet myne word.
Ek is Jehovah."

**14** En Jehovah het verder
met Moses in die wildernis Si′-
nai gepraat[l] en gesê: **15** "Re-
gistreer die seuns van Levi
volgens die huis van hulle va-
ders, volgens hulle families. Al-
mal wat manlik is, van 'n maand
en ouer, moet jy registreer."[m]
**16** En Moses het hulle op bevel
van Jehovah begin registreer,
net soos hy beveel is. **17** En
dít was die seuns van Levi[n] vol-
gens hulle name: Gerson en Ke-
hat en Mera′ri.[a]

**18** En dít was die name van
die seuns van Gerson volgens
hulle families: Libni en Si′meï.[b]

**19** En die seuns van Kehat[c]
volgens hulle families was Am-
ram en Jishar,[d] Hebron en Us′-
siël.

**20** En die seuns van Mera′ri[e]
volgens hulle families was Mag-
li[f] en Musi.[g]

Dit was die families van die
Leviete volgens die huis van
hulle vaders.

**21** Van Gerson was daar die
familie van die Libniete[h] en die
familie van die Simeïete.[i] Dit
was die families van die Gerso-
niete. **22** Hulle geregistreer-
des was volgens die getal van
almal wat manlik was, van 'n
maand en ouer.[j] Hulle gere-
gistreerdes was seweduisend-
vyfhonderd.[k] **23** Die families
van die Gersoniete was agter
die tabernakel.[l] Hulle het aan
die westekant kamp opgeslaan.
**24** En die owerste van die va-
derhuis vir die Gersoniete was
El′jasaf, die seun van Lael.
**25** En die plig van die seuns
van Gerson[m] in die tent van sa-
mekoms was die tabernakel en
die tent,[n] sy bedekking[o] en die
skerm[p] vir die ingang van die
tent van samekoms, **26** en die
behangsels[q] van die voorhof en
die skerm[r] vir die ingang van
die voorhof wat rondom die ta-
bernakel en die altaar is, en sy
tenttoue[s]—sy hele bediening.

**27** En van Kehat was daar
die familie van die Amramie-
te en die familie van die Jisha-
riete en die familie van die He-
broniete en die familie van die
Ussiëliete. Dit was die families
van die Kehatiete.[t] **28** Onder
die getal van almal wat manlik
was, van 'n maand en ouer, was
daar agtduisend-seshonderd,

**HFST. 3**
a Eks 32:26, Nu 8:6, Nu 18:2, Mal 2:4
b Nu 1:50, Nu 8:11, Nu 16:9
c Nu 4:12
d Nu 1:51, Jes 52:11
e Nu 8:16, Nu 18:6
f Eks 40:15, Nu 18:7, Heb 7:11
g Nu 16:40, 1Sa 6:19, 2Kr 26:16
h Nu 3:41, Nu 3:45, Nu 8:18
i Eks 13:2, Eks 34:19, Nu 8:17, Nu 18:15, Lu 2:23
j Eks 13:15
k Le 27:26, Ne 10:36
l Eks 19:1
m Nu 3:39
n Eks 6:16, 1Kr 6:1

**Tweede kol.**
a Nu 26:57, 1Kr 23:6
b Eks 6:17, 1Kr 6:17, 1Kr 23:9
c Eks 6:18, 1Kr 6:18
d 1Kr 6:38
e Eks 6:19
f 1Kr 6:29
g 1Kr 24:30
h 1Kr 6:20
i 1Kr 23:9
j Nu 3:15
k Nu 4:39, Nu 4:40
l Nu 1:53
m Nu 4:24
n Eks 26:7, Eks 35:11, Nu 4:25
o Eks 26:14
p Eks 26:36
q Eks 27:9
r Eks 27:16
s Eks 35:18
t Nu 3:19

wat die verpligting ten opsig-
te van die heiligdom nagekom
het.[a] **29** Die families van die
seuns van Kehat het aan die
suidekant van die tabernakel
kamp opgeslaan.[b] **30** En die
owerste van die vaderhuis vir
die families van die Kehatie-
te was Eli′safan, die seun van
Us′siël.[c] **31** En hulle plig[d] was
die Ark[e] en die tafel[f] en die
lampstaander[g] en die altare[h] en
die voorwerpe[i] van die heilig-
dom waarmee hulle diens doen,
en die skerm[j] en sy hele bedie-
ning.

**32** En die owerste van die
owerstes van die Leviete was
Elea′sar,[k] die seun van die
priester Aäron, wat toesig ge-
had het oor dié wat die verplig-
ting ten opsigte van die heilig-
dom nagekom het.

**33** Van Mera′ri was daar die
familie van die Magliete[l] en
die familie van die Musiete.[m]
Dit was die families van Mera′-
ri.[n] **34** En hulle geregistreer-
des volgens die getal van almal
wat manlik was, van ’n maand
en ouer, was sesduisend-twee-
honderd.[o] **35** En die owerste
van die vaderhuis vir die fami-
lies van Mera′ri was Su′riël, die
seun van Abi′hail. Hulle het aan
die noordekant van die taberna-
kel kamp opgeslaan.[p] **36** En
die plig wat die seuns van Me-
ra′ri opgelê is, was toesig oor
die paneelrame[q] van die taber-
nakel en sy stawe[r] en sy pilare[s]
en sy voetstukke en al sy voor-
werpe[t] en sy hele bediening,[u]
**37** en die pilare[v] van die voor-
hof rondom en hulle voetstuk-
ke[w] en hulle tentpenne en hulle
tenttoue.

**38** En dié wat kamp opge-
slaan het voor die tabernakel
aan die oostekant, voor die tent
van samekoms teen die sonsop-
gang, was Moses en Aäron en
sy seuns, dié wat die verpligting
ten opsigte van die heiligdom
nagekom het,[a] as die verplig-
ting ten behoewe van die kin-
ders van Israel. En elke vreem-
deling wat nader kom, sou
doodgemaak word.[b]

**39** Al die geregistreerdes
van die Leviete wat Moses en
Aäron op bevel van Jehovah vol-
gens hulle families geregistreer
het, almal wat manlik was, van
’n maand en ouer, was twee-en-
twintigduisend.

**40** Toe het Jehovah vir Mo-
ses gesê: “Registreer al die man-
like eersgeborenes van die kin-
ders van Israel, van ’n maand
en ouer,[c] en neem die getal van
hulle name op. **41** En jy moet
die Leviete vir my—ek is Jeho-
vah—in die plek van al die eers-
geborenes onder die kinders
van Israel neem,[d] en die mak
diere van die Leviete in die plek
van al die eersgeborenes onder
die mak diere van die kinders
van Israel.”[e] **42** En Moses het,
net soos Jehovah hom beveel
het, al die eersgeborenes on-
der die kinders van Israel gere-
gistreer. **43** En al die manlike
eersgeborenes volgens die getal
name, van ’n maand en ouer,
van hulle geregistreerdes, was
twee-en-twintigduisend-twee-
honderd-drie-en-sewentig.

**44** En Jehovah het voortge-
gaan om met Moses te praat en
gesê: **45** “Neem die Leviete in
die plek van al die eersgebore-
nes onder die kinders van Is-
rael, en die mak diere van die
Leviete in die plek van hulle
mak diere; en die Leviete moet
myne word.[f] Ek is Jehovah.
**46** En as die losprys[g] vir die
tweehonderd-drie-en-sewentig
eersgeborenes van die kinders
van Israel wat daar meer as
die Leviete is,[h] **47** moet jy vyf
sikkels vir elke persoon neem.[i]

**HFST. 3**
a Nu 4:35, Nu 4:36
b Nu 1:53
c Eks 6:22, 1Kr 6:18
d Nu 4:15
e Eks 25:10, Heb 9:4
f Eks 25:23, Heb 9:2
g Eks 25:31
h Eks 27:1, Eks 30:1
i Eks 38:3
j Eks 26:31, Eks 36:35
k Nu 4:16, Nu 20:28
l Nu 26:58
m 1Kr 24:30
n Nu 3:20
o Nu 4:43, Nu 4:44
p Nu 1:53
q Eks 36:20
r Eks 36:31
s Eks 26:32, Eks 26:37, Eks 36:38
t Eks 27:19
u Nu 4:31
v Eks 27:10
w Eks 27:11

**Tweede kol.**
a Nu 18:5
b Nu 3:10
c Nu 3:15
d Nu 3:12, Nu 8:16
e Eks 13:2, Nu 18:15
f Nu 3:41
g Nu 18:15
h Nu 3:39
i Le 27:6, Nu 18:16

Volgens die sikkel van die hei-
ligdom moet jy dit neem. ’n
Sikkel is twintig gera.[a] **48** En
jy moet die geld vir Aäron en
sy seuns gee as die losprys vir
dié wat daar meer as hulle is.”
**49** Toe het Moses die geld van
die loskoopprys geneem van dié
wat daar meer as die losprys
van die Leviete was. **50** Van
die eersgeborenes van die kin-
ders van Israel het hy die geld
geneem, duisend-driehonderd-
vyf-en-sestig sikkels, volgens
die sikkel van die heiligdom.
**51** Toe het Moses die geld van
die losprys vir Aäron en sy
seuns gegee volgens die bevel
van Jehovah, net soos Jehovah
Moses beveel het.

**4** Jehovah het toe met Moses
en Aäron gepraat en gesê:
**2** “Die volle getal van die seuns
van Kehat[b] moet opgeneem
word uit die seuns van Levi,
volgens hulle families in die
huis van hulle vaders, **3** van
dertig jaar[c] en ouer, tot vyf-
tig jaar,[d] almal wat in die diens-
groep intree[e] om die werk in die
tent van samekoms te doen.

**4** “Dít is die diens van die
seuns van Kehat in die tent van
samekoms.[f] Dit is iets hooghei-
ligs: **5** En Aäron en sy seuns
moet ingaan wanneer die kamp
opbreek, en hulle moet die voor-
hangsel wat as skerm dien,[g] af-
haal en die ark[h] van die getuie-
nis daarmee bedek. **6** En hulle
moet ’n bedekking van robbe-
velle[i] daaroor sit en ’n doek wat
heeltemal blou is, daaroor uit-
sprei en sy draaghoute[j] insteek.

**7** “En oor die toonbroodta-
fel[k] moet hulle ’n blou doek uit-
sprei, en hulle moet daarop die
skottels[l] en die bekers en die
bakke[m] en die kanne van die
drankoffer neersit; en die altyd-
blywende brood[n] moet daarop
bly lê. **8** En hulle moet ’n kar-
mosynrooi[a] doek daaroor uit-
sprei, en hulle moet dit met ’n
bedekking van robbevelle[b] be-
dek en sy draaghoute[c] insteek.
**9** En hulle moet ’n blou doek
neem en die lampstaander[d] van
die lig bedek, met sy lampe[e] en
sy snuiters[f] en sy vuurbakkies[g]
en al sy oliehouers[h] waarmee
hulle gereeld daarby diens doen.
**10** En hulle moet dit en al sy
voorwerpe in ’n bedekking van
robbevelle[i] plaas en dit op ’n
draagbaar sit. **11** En oor die
goue altaar[j] moet hulle ’n blou
doek uitsprei, en hulle moet dit
met ’n bedekking van robbevel-
le[k] bedek en sy draaghoute[l] in-
steek. **12** En hulle moet al die
diensvoorwerpe[m] neem waar-
mee hulle gereeld in die heilig-
dom diens doen, en hulle moet
dit in ’n blou doek plaas en
met ’n bedekking van robbevel-
le[n] bedek en dit op ’n draagbaar
sit.

**13** “En hulle moet die vette-
rige as van die altaar[o] verwy-
der en ’n doek van purperrooi-
gekleurde wol daaroor uitsprei.
**14** En hulle moet al sy voor-
werpe daarop sit waarmee hul-
le gereeld daarby diens doen,
die vuurbakke, die vurke en die
skoppe en die bakke, al die voor-
werpe van die altaar;[p] en hul-
le moet ’n bedekking van robbe-
velle daaroor uitsprei en sy
draaghoute[q] insteek.

**15** “En wanneer die kamp op-
breek, moet Aäron en sy seuns
klaarmaak met die bedekking
van die heiligdom[r] en al die
voorwerpe[s] van die heiligdom,
en daarna moet die seuns van
Kehat inkom om dit te dra,[t]
maar hulle mag nie aan die hei-
ligdom raak nie,[u] sodat hulle nie
moet sterf nie. Hierdie dinge is
die vrag van die seuns van Ke-
hat in die tent van samekoms.[v]

**HFST. 3**
a Eks 30:13; Le 27:25

**HFST. 4**
b Nu 3:19; Nu 3:27
c 1Kr 23:3; Lu 3:23
d Nu 8:25
e Nu 4:30; 1Kr 6:48; 1Kr 23:24; 1Kr 28:13
f Nu 3:31; Nu 4:15; Nu 4:19
g Eks 26:31; Eks 36:35; Eks 40:3; Le 16:2; Nu 3:31; Heb 9:3
h Eks 25:10; Eks 37:1
i Eks 25:5
j Eks 25:13
k Eks 25:23; Le 24:6
l Eks 25:29
m Eks 37:16
n Le 24:5

**Tweede kol.**
a Eks 25:4
b Eks 25:5
c Eks 25:28
d Eks 25:31
e Eks 25:37
f Eks 25:38
g Eks 37:23
h Eks 37:24
i Nu 4:6
j Eks 30:1; Eks 37:25
k Eks 25:5
l Eks 30:5
m Nu 3:31
n Eks 35:23
o Le 6:12
p Eks 27:3
q Eks 27:6
r Nu 4:5
s Nu 3:8
t Nu 7:9; Nu 10:21; De 31:9; 1Kr 15:2
u 2Sa 6:6
v Nu 3:31

**16** “En Elea′sar, die seun van
die priester Aäron, het toesig[a]
oor die olie[b] van die lig en die
welriekende reukwerk[c] en die
voortdurende graanoffer[d] en
die salfolie,[e] toesig oor die hele
tabernakel en alles wat daarin
is, naamlik die heiligdom en sy
voorwerpe.”

**17** En Jehovah het verder
met Moses en Aäron gepraat en
gesê: **18** “Laat die stam van
die families van die Kehatie-
te[f] nie onder die Leviete uitge-
roei word nie. **19** Maar doen
dít vir hulle, sodat hulle inder-
daad kan bly lewe en nie sterf
wanneer hulle nader kom na die
hoogheilige dinge[g] nie. Aäron
en sy seuns moet ingaan, en
hulle moet aan elkeen van hul-
le sy diens en sy vrag toewys.
**20** En hulle mag nie ingaan om
die heilige dinge selfs net vir ’n
oomblik te sien nie, sodat hulle
nie moet sterf nie.”[h]

**21** Toe het Jehovah met Mo-
ses gepraat en gesê: **22** “Die
volle getal van die seuns van
Gerson[i] moet opgeneem word,
ja, van hulle volgens die huis
van hulle vaders, volgens hul-
le families. **23** Van dertig jaar
en ouer, tot vyftig jaar, moet jy
hulle registreer,[j] almal wat kom
om in die diensgroep in te tree
om diens in die tent van sa-
mekoms te verrig. **24** Dit is
die diens van die families van
die Gersoniete ten opsigte van
die dienswerk en die drawerk.[k]
**25** En hulle moet die tentdoeke[l]
van die tabernakel en die tent
van samekoms[m] dra, sy bedek-
king[n] en die bedekking van rob-
bevelle[o] wat daar bo-oor is, en
die skerm[p] van die ingang van
die tent van samekoms, **26** en
die behangsels[q] van die voorhof
en die skerm van die ingang[r]
van die poort van die voorhof
wat rondom die tabernakel en
die altaar is, en hulle tenttoue
en al hulle diensvoorwerpe,
en alles waarmee daar gereeld
werk gedoen word. So moet
hulle dien. **27** Op bevel van
Aäron en sy seuns[a] moet al die
dienswerk van die seuns van
die Gersoniete[b] plaasvind met
betrekking tot al hulle vragte
en al hulle dienswerk, en julle
moet hulle al hulle vragte toe-
wys as ’n verpligting. **28** Dit
is die diens van die families van
die seuns van die Gersoniete[c] in
die tent van samekoms, en hul-
le verpligte diens is onder die
hand van I′tamar,[d] die seun van
die priester Aäron.

**29** “Wat die seuns van Mera′-
ri[e] betref, jy moet hulle re-
gistreer volgens hulle families
in die huis van hulle vaders.
**30** Van dertig jaar en ouer, tot
vyftig jaar, moet jy hulle regis-
treer, almal wat in die diens-
groep intree om die diens van
die tent van samekoms te ver-
rig.[f] **31** En dít is hulle plig,
hulle vrag,[g] volgens al hulle
dienswerk in die tent van same-
koms: die paneelrame[h] van die
tabernakel en sy stawe[i] en sy pi-
lare[j] en sy voetstukke,[k] **32** en
die pilare[l] van die voorhof rond-
om en hulle voetstukke[m] en
hulle tentpenne[n] en hulle tent-
toue tesame met al hulle toe-
rusting en hulle hele bediening.
En die toerusting wat hulle plig
is, moet julle aan hulle by name
as hulle vrag toewys.[o] **33** Dit
is die diens van die families van
die seuns van Mera′ri[p] volgens
al hulle dienswerk in die tent
van samekoms, onder die hand
van I′tamar, die seun van die
priester Aäron.”[q]

**34** En Moses en Aäron en die
owerstes[r] van die vergadering
het die seuns van die Kehatiete[s]
geregistreer volgens hulle fami-
lies en volgens die huis van hul-

**HFST. 4**
a Nu 3:32
b Eks 27:20 Le 24:2
c Eks 30:34 Ps 141:2 Op 5:8
d Eks 29:40
e Eks 29:7 Eks 30:23 Le 8:12 Ps 133:2
f Nu 3:27
g Nu 4:4
h Eks 19:21 1Sa 6:19
i Nu 3:21
j Nu 4:3
k Nu 3:25
l Eks 26:1 Eks 36:8
m Eks 26:7 Eks 36:14
n Eks 26:14
o Eks 36:19
p Eks 26:36 Eks 36:37
q Eks 27:9 Eks 38:9
r Eks 27:16 Eks 38:18

**Tweede kol.**
a Nu 3:3 Nu 3:10
b Nu 3:21 Nu 3:23
c Nu 3:25
d Eks 6:23 Nu 3:4 Nu 4:33 Nu 7:8
e Eks 6:19 Nu 3:33
f Nu 4:3 Nu 4:23
g Nu 3:36
h Eks 26:15 Eks 36:20
i Eks 26:26 Eks 36:31
j Eks 26:37 Eks 36:38
k Eks 26:19 Eks 38:27
l Eks 27:10
m Eks 27:11
n Eks 27:19
o Nu 3:8
p Nu 3:33
q Nu 4:28
r Nu 1:16 Jos 22:14
s Nu 3:19 Nu 3:27 Nu 3:29

le vaders, **35** van dertig[a] jaar
en ouer, tot vyftig jaar,[b] almal
wat in die diensgroep ingetree
het vir die diens in die tent van
samekoms.[c] **36** En hulle gere-
gistreerdes volgens hulle fami-
lies was tweeduisend-sewehon-
derd-en-vyftig.[d] **37** Dit is die
geregistreerdes[e] van die fami-
lies van die Kehatiete, almal
wat in die tent van samekoms
gedien het, wat Moses en Aäron
op bevel van Jehovah, deur mid-
del van Moses, geregistreer het.

**38** Wat die geregistreerdes
van die seuns van Gerson[f] be-
tref, volgens hulle families en
volgens die huis van hulle va-
ders, **39** van dertig jaar en
ouer, tot vyftig jaar, almal wat
in die diensgroep ingetree het
vir die diens in die tent van
samekoms,[g] **40** hulle geregis-
treerdes volgens hulle fami-
lies, volgens die huis van hul-
le vaders, was tweeduisend-
seshonderd-en-dertig.[h] **41** Dit
was die geregistreerdes van die
families van die seuns van Ger-
son, almal wat in die tent van
samekoms gedien het, wat Mo-
ses en Aäron op bevel van Jeho-
vah geregistreer het.[i]

**42** Wat die geregistreerdes
van die families van die seuns
van Mera′ri betref, volgens hul-
le families, volgens die huis
van hulle vaders, **43** van der-
tig jaar en ouer, tot vyftig jaar,
almal wat in die diensgroep in-
getree het vir die diens in die
tent van samekoms,[j] **44** hul-
le geregistreerdes volgens hulle
families was drieduisend-twee-
honderd.[k] **45** Dit was die ge-
registreerdes van die families
van die seuns van Mera′ri, wat
Moses en Aäron op bevel van Je-
hovah, deur middel van Moses,
geregistreer het.[l]

**46** Al die geregistreerdes
wat Moses en Aäron en die
owerstes van Israel as Levie-
te geregistreer het volgens hul-
le families en volgens die huis
van hulle vaders, **47** van der-
tig jaar en ouer, tot vyf-
tig jaar,[a] almal wat gekom het
om die swaar diens te verrig
en die diens om vragte in die
tent van samekoms te dra,[b]
**48** hulle geregistreerdes was
agtduisend-vyfhonderd-en-tag-
tig.[c] **49** Op bevel van Jehovah
is hulle deur middel van Moses
geregistreer, elkeen volgens sy
diens en sy vrag; en hulle is ge-
registreer net soos Jehovah Mo-
ses beveel het.[d]

**5** En Jehovah het verder met
Moses gepraat en gesê:
**2** "Beveel die kinders van Is-
rael om elke melaatse[e] en elk-
een wat 'n lopende afskeiding[f]
het en elkeen wat deur 'n af-
gestorwe siel onrein is,[g] uit die
kamp uit te stuur. **3** Hetsy 'n
man of 'n vrou, julle moet hul-
le uitstuur. Julle moet hulle bui-
te die kamp stuur,[h] sodat hulle
nie die kampe besmet[i] van dié
in wie se midde ek woon nie."[j]
**4** En die kinders van Israel het
dit gedoen, ja, hulle het hulle
buite die kamp gestuur. Net
soos Jehovah vir Moses gesê
het, so het die kinders van Is-
rael gedoen.

**5** En Jehovah het voortge-
gaan om met Moses te praat
en gesê: **6** "Praat met die kin-
ders van Israel: 'Wat 'n man of
'n vrou betref, as hulle enige
van al die sondes van die mens
doen deur 'n daad van ontrou-
heid teen Jehovah te pleeg,
dan het dié siel skuldig ge-
word.[k] **7** En hulle moet hul-
le sonde wat hulle gedoen het,
bely,[l] en hy moet die volle be-
drag van sy skuld teruggee, en
ook 'n vyfde daarvan byvoeg,[m]
en hy moet dit gee aan die een
wat hy veronreg het. **8** Maar

HFST. 4
a Nu 4:47
b Nu 8:25
c Nu 4:3, Nu 8:26
d Nu 3:28
e Nu 3:15
f Nu 3:21
g Nu 4:3, Nu 4:23
h Nu 3:22
i Nu 3:15, Nu 4:22
j Nu 4:3, Nu 4:23, Nu 4:30, Nu 4:35, Nu 4:39, Nu 8:26
k Nu 3:34
l Nu 3:15, Nu 4:29

Tweede kol.
a Nu 4:3, Nu 4:23, Nu 4:30
b Nu 4:15, Nu 4:24, Nu 4:31
c Nu 3:39
d Nu 4:37, Nu 4:41, Nu 4:45

HFST. 5
e Le 13:46, Nu 12:14, 2Kr 26:21
f Le 15:2
g Le 22:4, Nu 19:11, Nu 31:19
h 2Kn 7:3
i Nu 19:22
j Eks 25:8, Le 26:11, Jos 22:19, 2Ko 6:16
k Le 5:1, Le 5:17, Le 6:2
l Le 5:5, Jos 7:19, Ps 32:5, Jak 5:16
m Le 6:5

as laasgenoemde geen naverwant het aan wie die skuldbedrag teruggegee kan word nie, behoort die skuldbedrag wat aan Jehovah teruggegee word, aan die priester, behalwe die versoeningsram waarmee hy vir hom versoening sal doen.[a]

**9** "'En elke bydrae[b] van al die heilige dinge[c] van die kinders van Israel, wat hulle vir die priester sal aanbied, moet syne word.[d] **10** En elkeen se heilige dinge sal syne bly. Wat elkeen ook al aan die priester gee, dit sal syne word.'"

**11** En Jehovah het verder met Moses gepraat en gesê: **12** "Praat met die kinders van Israel, en jy moet vir hulle sê: 'As iemand se vrou afwyk deurdat sy 'n daad van ontrouheid teen hom pleeg,[e] **13** en 'n ander man by haar gaan lê en 'n saadstorting het,[f] en dit vir die oë van haar man verborge gebly het[g] en dit nie ontdek is nie, en sy haar verontreinig het, maar daar geen getuie teen haar is nie en sy nie betrap is nie; **14** en die gees van jaloesie[h] oor hom gekom het en hy agterdogtig geraak het oor sy vrou se getrouheid, en sy haar werklik verontreinig het, of die gees van jaloesie oor hom gekom het en hy agterdogtig geraak het oor sy vrou se getrouheid, maar sy haar in werklikheid nie verontreinig het nie; **15** dan moet die man sy vrou na die priester toe bring[i] en haar offer saam met haar bring, 'n tiende van 'n efa garsmeel. Hy mag geen olie daarop gooi of wierook[j] daarop sit nie, want dit is 'n graanoffer van jaloesie, 'n graanoffer ter gedagtenis, wat oortreding in herinnering bring.

**16** "'En die priester moet haar na vore bring en haar voor Jehovah stel.[k] **17** En die priester moet heilige water in 'n erdehouer neem, en die priester moet van die stof neem wat op die vloer van die tabernakel is, en hy moet dit in die water gooi. **18** En die priester moet die vrou voor Jehovah stel en die hare van die vrou se kop losmaak en die graanoffer ter gedagtenis, dit wil sê die graanoffer van jaloesie,[a] op haar palms sit, en in die hand van die priester moet die bitter water wees wat 'n vloek bring.[b]

**19** "'En die priester moet haar laat sweer, en hy moet vir die vrou sê: "As geen man by jou gelê het nie en as jy, terwyl jy onder jou man was,[c] nie afgewyk het in enige onreinheid nie, wees dan vry van die uitwerking van hierdie bitter water wat 'n vloek bring. **20** Maar jy, as jy afgewyk het terwyl jy onder jou man was[d] en as jy jou verontreinig het en die een of ander man, behalwe jou man, sy saadstorting in jou gegee het[e]—" **21** Die priester moet die vrou dan laat sweer met 'n eed van vervloeking,[f] en die priester moet vir die vrou sê: "Mag Jehovah jou tot 'n vervloeking en 'n eed stel onder jou volk deurdat Jehovah jou dy[g] laat inval en jou buik laat opswel. **22** En hierdie water wat 'n vloek bring, moet in jou ingewande ingaan om jou buik te laat opswel en die dy te laat inval." Hierop moet die vrou sê: "Amen! Amen!"

**23** "'En die priester moet hierdie vervloekinge in die boek skryf[h] en hulle daaruit in die bitter water invee.[i] **24** En hy moet die vrou die bitter water wat 'n vloek bring,[j] laat drink, en die water wat 'n vloek bring, sal as iets bitters in haar ingaan. **25** En die priester moet die graanoffer[k] van ja-

**HFST. 5**
a Le 5:16; Le 6:7; Le 7:7
b Eks 29:28; Nu 18:8
c Le 6:17; Le 7:6; Le 10:13
d De 18:3; Ese 44:29; 1Ko 9:13
e Nu 5:20; Ho 4:13
f Le 18:20; De 5:18
g Ps 26:4; Spr 30:20
h Spr 6:34; Hgl 8:6
i Nu 5:30
j Le 5:11
k Jer 17:10; Mal 3:5; Heb 13:4

**Tweede kol.**
a Nu 5:15; Nu 5:25
b Nu 5:22; Nu 5:24
c Ro 7:2; Heb 13:4
d Nu 5:12; 1Ko 6:9
e Le 18:20; Nu 5:13
f Jos 6:26; 1Sa 14:24; 1Kn 8:31
g Ge 46:26
h 2Kr 34:24; Jer 51:60
i Han 3:19
j Nu 5:18
k Nu 5:15

loesie uit die vrou se hand neem
en die graanoffer voor Jeho-
vah heen en weer beweeg, en
hy moet dit na die altaar bring.
**26** En die priester moet ’n deel
van die graanoffer as ’n gedenk-
deel[a] daarvan neem en dit op
die altaar laat rook, en daarna
moet hy die vrou die water laat
drink. **27** Wanneer hy haar
die water laat drink het, dan sal
die water wat ’n vloek bring, as
sy haar verontreinig het deur-
dat sy ’n daad van ontrouheid
teen haar man gepleeg het,[b] as
iets bitters in haar ingaan, en
haar buik sal opswel en haar dy
sal inval, en die vrou sal ’n ver-
vloeking onder haar volk word.[c]
**28** As die vrou haar egter nie
verontreinig het nie, maar sy
rein is, dan sal sy vry wees van
so ’n straf;[d] en sy moet met saad
swanger gemaak word.

**29** “‘Dit is die wet oor jaloe-
sie,[e] wanneer ’n vrou afwyk[f]
terwyl sy onder haar man is[g] en
sy haar verontreinig, **30** of in
die geval van ’n man wanneer
die gees van jaloesie oor hom
kom en hy sy vrou van on-
trouheid verdink; en hy moet
die vrou voor Jehovah stel, en
die priester moet hierdie hele
wet op haar toepas. **31** En die
man sal onskuldig wees aan oor-
treding, maar dié vrou sal ver-
antwoording doen vir haar oor-
treding.’”

**6** En Jehovah het verder met
Moses gepraat en gesê:
**2** “Praat met die kinders van Is-
rael en jy moet vir hulle sê: ‘As
’n man of ’n vrou ’n spesiale ge-
lofte aflê om as ’n Nasire′ër[h] vir
Jehovah te lewe, **3** moet hy
hom van wyn en sterk drank
onthou. Hy mag nie wynasyn of
die asyn van sterk drank drink[i]
of enige sap drink wat van drui-
we gemaak is nie, of vars of ge-
droogde druiwe eet nie. **4** Al
die dae van sy Nasire′ërskap
mag hy hoegenaamd niks eet
wat van die wynstok gemaak
word nie, nie eens die groen
druiwe of die doppe nie.

**5** “‘Al die dae van die gelofte
van sy Nasire′ërskap mag geen
skeermes oor sy kop gaan nie;[a]
totdat die dae vervul is dat hy
vir Jehovah afgesonderd moet
wees, moet hy heilig wees deur
die lokke[b] van die hare van sy
kop te laat groei. **6** Al die dae
dat hy hom vir Jehovah afge-
sonderd hou, mag hy nie by eni-
ge dooie siel kom nie.[c] **7** Nie
eens vir sy vader of sy moeder
of sy broer of sy suster mag hy
hom verontreinig wanneer hul-
le sterf nie,[d] want die teken van
sy Nasire′ërskap vir sy God is
op sy kop.

**8** “‘Al die dae van sy Nasi-
re′ërskap is hy heilig vir Je-
hovah. **9** Maar as iemand wat
sterwend is, ewe skielik langs
hom sterf,[e] sodat hy die kop van
sy Nasire′ërskap verontreinig
het, dan moet hy sy kop skeer[f]
op die dag dat sy reiniging vas-
gestel word. Op die sewende
dag moet hy dit skeer. **10** En
op die agtste dag moet hy twee
tortelduiwe of twee jong dui-
we na die priester toe bring by
die ingang van die tent van sa-
mekoms.[g] **11** En die priester
moet een as ’n sondoffer[h] en die
ander as ’n brandoffer[i] berei en
vir hom versoening doen, aan-
gesien hy gesondig het weens
die dooie siel. Dan moet hy sy
kop op dié dag heilig. **12** En
hy moet as ’n Nasire′ër[j] vir Je-
hovah lewe gedurende die dae
van sy Nasire′ërskap, en hy
moet ’n jong ram in sy eerste
jaar as ’n skuldoffer bring;[k] en
die vorige dae moet nie getel
word nie, omdat hy sy Nasire′ër-
skap verontreinig het.

**HFST. 5**
a Le 2:9, Le 5:12
b Nu 5:13, Nu 5:20
c De 27:26, Ga 3:10
d Nu 5:19
e Nu 5:14, Nu 5:15
f Nu 5:12, Nu 5:19
g Ro 7:2

**HFST. 6**
h Rig 13:5
i Le 10:9, Rig 13:14, Am 2:12, Lu 1:15, Lu 7:33

**Tweede kol.**
a Rig 13:5, Rig 16:17, 1Sa 1:11
b Rig 16:19
c Le 21:1
d Le 21:11
e Nu 19:14
f Nu 6:18
g Le 14:22
h Le 5:8
i Le 5:10, Le 14:31
j Nu 6:2, Rig 13:5, Rig 16:17
k Le 14:24

**13** “‘En dít is die wet oor die
Nasire′ër: Op die dag dat die
dae van sy Nasire′ërskap ver-
vul is,[a] moet hy na die ingang
van die tent van samekoms ge-
bring word. **14** En hy moet as
sy offer aan Jehovah aanbied:
een jong ram sonder gebrek, in
sy eerste jaar, as ’n brandof-
fer[b] en een ooilam sonder ge-
brek, in haar eerste jaar, as
’n sondoffer[c] en een ram son-
der gebrek as ’n gemeenskaps-
offer,[d] **15** en ’n mandjie onge-
suurde ringvormige koeke van
fynmeel,[e] met olie bevogtig,[f] en
ongesuurde platkoeke met olie
gesmeer,[g] en die graanoffer[h]
en die drankoffers[i] wat daar-
by behoort. **16** En die priester
moet dit voor Jehovah aanbied
en sy sondoffer en sy brandof-
fer[j] bring. **17** En hy moet die
ram as ’n gemeenskapsoffer[k]
aan Jehovah bring saam met die
mandjie ongesuurde koeke; en
die priester moet die graanof-
fer[l] en die drankoffer bring wat
daarby behoort.

**18** “‘En die Nasire′ër moet
die kop van sy Nasire′ërskap by
die ingang van die tent van sa-
mekoms skeer,[m] en hy moet die
hare van die kop van sy Nasi-
re′ërskap neem en dit op die
vuur sit wat onder die gemeen-
skapsoffer is. **19** En die pries-
ter moet ’n gekookte[n] blad van
die ram en een ongesuurde ring-
vormige koek uit die mandjie en
een ongesuurde platkoek[o] neem
en dit op die palms van die Na-
sire′ër sit nadat hy die teken
van sy Nasire′ërskap laat af-
skeer het. **20** En die priester
moet dit as ’n beweegoffer voor
Jehovah heen en weer beweeg.[p]
Dit is iets heiligs vir die pries-
ter, saam met die bors[q] van die
beweegoffer en die boud van die
bydrae.[r] En daarna mag die Na-
sire′ër wyn drink.[s]

**21** “‘Dit is die wet oor die Na-
sire′ër[a] wat ’n gelofte doen—sy
offer aan Jehovah in verband
met sy Nasire′ërskap, afgesien
van wat hy kan bekostig. Vol-
gens sy gelofte wat hy doen, so
moet hy handel weens die wet
van sy Nasire′ërskap.’ ”

**22** Toe het Jehovah met Mo-
ses gepraat en gesê: **23** “Praat
met Aäron en sy seuns en sê: ‘Só
moet julle die kinders van Is-
rael seën[b] deur vir hulle te sê:

**24** “Mag Jehovah jou seën[c] en
jou bewaar.[d]
**25** Mag Jehovah sy aangesig
teenoor jou laat skyn,[e]
en mag hy aan jou guns
betoon.[f]
**26** Mag Jehovah sy aangesig
teenoor jou verhef[g] en
aan jou vrede skenk.’ ”[h]

**27** En hulle moet my naam[i] op
die kinders van Israel lê, sodat
ek hulle kan seën.”[j]

**7** En op die dag toe Moses
die tabernakel klaar opge-
rig het,[k] het hy dit gesalf[l] en dit
geheilig met al sy toebehore, as-
ook die altaar met al sy voor-
werpe. So het hy dit gesalf en
geheilig.[m] **2** Toe het die ower-
stes van Israel,[n] die hoofde van
die huis van hulle vaders, ’n of-
fergawe aangebied,[o] aangesien
hulle die owerstes van die stam-
me was en oor die geregistreer-
des gestaan het, **3** en hulle
het hulle offer voor Jehovah ge-
bring: ses tentwaens en twaalf
beeste, ’n wa vir twee owerstes
en ’n bul vir elkeen; en hul-
le het dit voor die tabernakel
aangebied. **4** Hierop het Jeho-
vah vir Moses gesê: **5** “Aan-
vaar dit van hulle, aangesien dit
gebruik moet word om die diens
van die tent van samekoms te
verrig, en jy moet dit aan die
Leviete gee, elkeen na gelang
van sy diens.”

**HFST. 6**

a Nu 30:2, Pr 5:4, Han 21:26
b Le 1:10
c Le 4:32, Le 5:6
d Le 3:1
e Le 2:4
f Le 2:5
g Eks 29:2
h Le 2:1, Le 6:14
i Nu 15:10
j Le 1:3
k Le 3:1
l Le 2:9
m Nu 6:5, Han 18:18, Han 21:24
n Le 8:31, 1Sa 2:15
o Eks 29:23
p Eks 29:24, Le 10:15
q Nu 18:18
r Le 7:34
s Pr 9:7, Pr 10:19

**Tweede kol.**

a Nu 6:2, Rig 13:5, Rig 16:17
b Le 9:22, De 10:8, De 21:5, Lu 24:50
c Rut 2:4, Ps 134:3
d Ps 91:11, Ps 121:7, Joh 17:11, 1Pe 1:5
e Ps 31:16, Ps 67:1, Ps 80:3
f Ge 43:29
g Ps 4:6
h Ps 29:11, Lu 2:14, Joh 14:27
i De 28:10, 2Kr 7:14, Jes 43:7, Jes 43:10, Da 9:19
j Nu 23:20, Ps 5:12, Ps 67:7, Ps 115:12, Ef 1:3

**HFST. 7**

k Eks 40:17
l Eks 30:26, Le 8:10
m Eks 40:10
n Eks 18:21, Nu 1:4, Nu 1:16
o Eks 25:2, Eks 35:27, Ne 7:70

**6** Toe het Moses die waens en
die beeste aanvaar en dit aan
die Leviete gegee. **7** Twee
waens en vier beeste het hy aan
die seuns van Gerson gegee na
gelang van hulle diens,[a] **8** en
vier waens en agt beeste het hy
aan die seuns van Mera′ri ge-
gee na gelang van hulle diens,[b]
onder die hand van I′tamar, die
seun van die priester Aäron.[c]
**9** Maar aan die seuns van Ke-
hat het hy niks gegee nie, want
die diens van die heiligdom het
op hulle gerus.[d] Wat hulle moes
dra, het hulle op die skouer ge-
dra.[e]

**10** En die owerstes het hulle
offergawe by die inwyding[f] van
die altaar aangebied, op die dag
toe dit gesalf is, en die ower-
stes het hulle offer voor die al-
taar aangebied. **11** Toe het Je-
hovah vir Moses gesê: “Die een
owerste op die een dag en die
ander owerste op die ander dag
—so moet hulle hulle offer vir
die inwyding van die altaar aan-
bied.”[g]

**12** En die een wat op die eer-
ste dag sy offer aangebied het,
was Nagson,[h] die seun van Am-
mina′dab, van die stam Juda.
**13** En sy offer was een silwer-
skottel, waarvan die gewig hon-
derd-en-dertig sikkels was, een
silwerbak van sewentig sik-
kels volgens die sikkel van die
heiligdom,[i] albei vol fynmeel
met olie bevogtig as ’n graan-
offer;[j] **14** een goue beker van
tien sikkels, vol reukwerk;[k]
**15** een jong bul, een ram, een
ramlam in sy eerste jaar, as ’n
brandoffer;[l] **16** een boklam as
’n sondoffer;[m] **17** en as ’n ge-
meenskapsoffer[n] twee beeste,
vyf ramme, vyf bokramme, vyf
jaaroud ramlammers. Dit was
die offer van Nagson, die seun
van Ammina′dab.[o]

**18** Op die tweede dag het Ne-
ta′nel,[a] die seun van Suar, die
owerste van Is′saskar, ’n offer-
gawe aangebied. **19** Hy het as
sy offer aangebied: een silwer-
skottel, waarvan die gewig hon-
derd-en-dertig sikkels was, een
silwerbak van sewentig sikkels
volgens die sikkel van die hei-
ligdom, albei vol fynmeel met
olie bevogtig as ’n graanoffer;[b]
**20** een goue beker van tien
sikkels, vol reukwerk; **21** een
jong bul, een ram, een ram-
lam in sy eerste jaar, as ’n
brandoffer;[c] **22** een boklam as
’n sondoffer;[d] **23** en as ’n ge-
meenskapsoffer[e] twee beeste,
vyf ramme, vyf bokramme, vyf
jaaroud ramlammers. Dit was
die offer van Neta′nel, die seun
van Suar.

**24** Op die derde dag was dit
die owerste van die seuns van
Se′bulon, Eli′ab,[f] die seun van
Helon. **25** Sy offer was een sil-
werskottel, waarvan die gewig
honderd-en-dertig sikkels was,
een silwerbak van sewentig sik-
kels volgens die sikkel van
die heiligdom, albei vol fyn-
meel met olie bevogtig as ’n
graanoffer; **26** een goue beker
van tien sikkels, vol reukwerk;
**27** een jong bul, een ram, een
ramlam in sy eerste jaar, as
’n brandoffer;[g] **28** een boklam
as ’n sondoffer;[h] **29** en as ’n
gemeenskapsoffer[i] twee beeste,
vyf ramme, vyf bokramme, vyf
jaaroud ramlammers. Dit was
die offer van Eli′ab, die seun van
Helon.[j]

**30** Op die vierde dag was dit
die owerste van die seuns van
Ruben, Eli′sur,[k] die seun van
Sede′ür. **31** Sy offer was een
silwerskottel, waarvan die ge-
wig honderd-en-dertig sikkels
was, een silwerbak van sewen-
tig sikkels volgens die sikkel
van die heiligdom, albei vol

**HFST. 7**
a Nu 3:25, Nu 4:25
b Nu 3:36, Nu 4:31
c Nu 4:33
d Nu 3:31, Nu 4:15
e 2Sa 6:13, 1Kr 15:15
f 1Kn 8:63, 2Kr 7:5
g 1Ko 14:33, 1Ko 14:40
h Nu 1:7, Nu 2:3, Nu 10:14, Rut 4:20, Mt 1:4
i Eks 30:13, Le 27:25
j Le 2:1, Nu 7:19, Nu 7:25, Nu 7:31, Nu 7:37, Nu 7:43, Nu 7:49, Nu 7:55, Nu 7:61, Nu 7:67, Nu 7:73, Nu 7:79, Nu 7:87
k Eks 30:34, De 33:10
l Le 1:3, Ps 20:3
m Le 4:23
n Le 3:1, Le 7:11, Mal 3:4
o Eks 6:23, Lu 3:33

**Tweede kol.**
a Nu 1:8, Nu 2:5, Nu 10:15
b Nu 7:13
c Le 1:3
d Le 4:23
e Le 3:1
f Nu 2:7, Nu 10:16
g Le 1:3
h Le 4:23
i Le 3:1
j Nu 1:9
k Nu 2:10, Nu 10:18

fynmeel met olie bevogtig as ’n
graanoffer;[a] **32** een goue be-
ker van tien sikkels, vol reuk-
werk; **33** een jong bul, een
ram, een ramlam in sy eerste
jaar, as ’n brandoffer;[b] **34** een
boklam as ’n sondoffer;[c] **35** en
as ’n gemeenskapsoffer[d] twee
beeste, vyf ramme, vyf bokram-
me, vyf jaaroud ramlammers.
Dit was die offer van Eli′sur, die
seun van Sede′ür.[e]

**36** Op die vyfde dag was dit
die owerste van die seuns van
Si′meon, Selu′miël,[f] die seun
van Suri′saddai. **37** Sy offer
was een silwerskottel, waar-
van die gewig honderd-en-der-
tig sikkels was, een silwerbak
van sewentig sikkels volgens
die sikkel van die heiligdom, al-
bei vol fynmeel met olie bevog-
tig as ’n graanoffer;[g] **38** een
goue beker van tien sikkels, vol
reukwerk; **39** een jong bul,
een ram, een ramlam in sy
eerste jaar, as ’n brandoffer;[h]
**40** een boklam as ’n sondoffer;[i]
**41** en as ’n gemeenskapsoffer[j]
twee beeste, vyf ramme, vyf
bokramme, vyf jaaroud ram-
lammers. Dit was die offer van
Selu′miël, die seun van Suri′sad-
dai.[k]

**42** Op die sesde dag was dit
die owerste van die seuns van
Gad, El′jasaf,[l] die seun van De′-
huel. **43** Sy offer was een sil-
werskottel, waarvan die gewig
honderd-en-dertig sikkels was,
een silwerbak van sewentig sik-
kels volgens die sikkel van die
heiligdom, albei vol fynmeel
met olie bevogtig as ’n graan-
offer;[m] **44** een goue beker van
tien sikkels, vol reukwerk;[n]
**45** een jong bul, een ram, een
ramlam in sy eerste jaar, as
’n brandoffer;[o] **46** een boklam
as ’n sondoffer;[p] **47** en as ’n
gemeenskapsoffer[q] twee beeste,
vyf ramme, vyf bokramme, vyf
jaaroud ramlammers. Dit was
die offer van El′jasaf, die seun
van De′huel.[a]

**48** Op die sewende dag was
dit die owerste van die seuns
van E′fraim, Elisa′ma,[b] die seun
van Ammi′hud. **49** Sy offer
was een silwerskottel, waar-
van die gewig honderd-en-der-
tig sikkels was, een silwerbak
van sewentig sikkels volgens
die sikkel van die heiligdom, al-
bei vol fynmeel met olie bevog-
tig as ’n graanoffer;[c] **50** een
goue beker van tien sikkels, vol
reukwerk; **51** een jong bul,
een ram, een ramlam in sy
eerste jaar, as ’n brandoffer;[d]
**52** een boklam as ’n sondoffer;[e]
**53** en as ’n gemeenskapsoffer[f]
twee beeste, vyf ramme, vyf
bokramme, vyf jaaroud ram-
lammers. Dit was die offer van
Elisa′ma, die seun van Ammi′-
hud.[g]

**54** Op die agtste dag was dit
die owerste van die seuns van
Manas′se, Gama′liël,[h] die seun
van Peda′sur. **55** Sy offer was
een silwerskottel, waarvan die
gewig honderd-en-dertig sik-
kels was, een silwerbak van se-
wentig sikkels volgens die sik-
kel van die heiligdom, albei vol
fynmeel met olie bevogtig as
’n graanoffer;[i] **56** een goue be-
ker van tien sikkels, vol reuk-
werk;[j] **57** een jong bul, een
ram, een ramlam in sy eerste
jaar, as ’n brandoffer;[k] **58** een
boklam as ’n sondoffer;[l] **59** en
as ’n gemeenskapsoffer[m] twee
beeste, vyf ramme, vyf bokram-
me, vyf jaaroud ramlammers.
Dit was die offer van Gama′liël,
die seun van Peda′sur.[n]

**60** Op die negende dag was
dit die owerste[o] van die seuns
van Benjamin, Abi′dan,[p] die
seun van Gideo′ni. **61** Sy of-
fer was een silwerskottel, waar-
van die gewig honderd-en-der-

HFST. 7
a Nu 7:13
b Le 1:3; Ps 20:3
c Le 4:23
d Le 3:1
e Nu 1:5
f Nu 2:12
g Nu 7:13
h Le 1:3
i Le 4:23
j Le 3:1; Le 7:11
k Nu 1:6
l Nu 2:14; Nu 10:20
m Nu 7:13
n De 33:10
o Le 1:3
p Le 4:23
q Le 3:1

Tweede kol.
a Nu 1:14
b Nu 2:18; Nu 10:22; 1Kr 7:26
c Nu 7:13
d Le 1:3
e Le 4:23
f Le 3:1
g Nu 1:10
h Nu 2:20; Nu 10:23
i Nu 7:13
j De 33:10
k Le 1:3
l Le 4:23
m Le 3:1
n Nu 1:10
o Nu 1:16
p Nu 2:22; Nu 10:24

tig sikkels was, een silwerbak
van sewentig sikkels volgens
die sikkel van die heiligdom, al-
bei vol fynmeel met olie bevog-
tig as ’n graanoffer;[a] **62** een
goue beker van tien sikkels, vol
reukwerk; **63** een jong bul,
een ram, een ramlam in sy
eerste jaar, as ’n brandoffer;[b]
**64** een boklam as ’n sondoffer;[c]
**65** en as ’n gemeenskapsoffer[d]
twee beeste, vyf ramme, vyf
bokramme, vyf jaaroud ram-
lammers. Dit was die offer van
Abi′dan, die seun van Gideo′ni.[e]

**66** Op die tiende dag was dit
die owerste van die seuns van
Dan, Ahiëser,[f] die seun van Am-
mi′saddai. **67** Sy offer was een
silwerskottel, waarvan die ge-
wig honderd-en-dertig sikkels
was, een silwerbak van sewen-
tig sikkels volgens die sikkel
van die heiligdom, albei vol fyn-
meel met olie bevogtig as ’n
graanoffer;[g] **68** een goue be-
ker van tien sikkels, vol reuk-
werk; **69** een jong bul, een
ram, een ramlam in sy eerste
jaar, as ’n brandoffer;[h] **70** een
boklam as ’n sondoffer;[i] **71** en
as ’n gemeenskapsoffer[j] twee
beeste, vyf ramme, vyf bokram-
me, vyf jaaroud ramlammers.
Dit was die offer van Ahiëser,
die seun van Ammi′saddai.[k]

**72** Op die elfde dag was dit
die owerste van die seuns
van Aser, Pa′giël,[l] die seun van
Ogran. **73** Sy offer was een sil-
werskottel, waarvan die gewig
honderd-en-dertig sikkels was,
een silwerbak van sewentig sik-
kels volgens die sikkel van die
heiligdom, albei vol fynmeel
met olie bevogtig as ’n graan-
offer;[m] **74** een goue beker van
tien sikkels, vol reukwerk;[n]
**75** een jong bul, een ram, een
ramlam in sy eerste jaar, as
’n brandoffer;[o] **76** een boklam
as ’n sondoffer;[p] **77** en as ’n
gemeenskapsoffer[a] twee beeste,
vyf ramme, vyf bokramme, vyf
jaaroud ramlammers. Dit was
die offer van Pa′giël, die seun
van Ogran.[b]

**78** Op die twaalfde dag was
dit die owerste van die seuns
van Naf′tali, Ahi′ra,[c] die seun
van Enan. **79** Sy offer was een
silwerskottel, waarvan die ge-
wig honderd-en-dertig sikkels
was, een silwerbak van sewen-
tig sikkels volgens die sikkel
van die heiligdom, albei vol fyn-
meel met olie bevogtig as ’n
graanoffer;[d] **80** een goue be-
ker van tien sikkels, vol reuk-
werk;[e] **81** een jong bul, een
ram, een ramlam in sy eerste
jaar, as ’n brandoffer;[f] **82** een
boklam as ’n sondoffer;[g] **83** en
as ’n gemeenskapsoffer[h] twee
beeste, vyf ramme, vyf bokram-
me, vyf jaaroud ramlammers.
Dit was die offer van Ahi′ra, die
seun van Enan.[i]

**84** Dít was die inwydings-
offer[j] van die altaar van die
kant van die owerstes[k] van Is-
rael op die dag toe dit gesalf
is: twaalf silwerskottels, twaalf
silwerbakke,[l] twaalf goue be-
kers; **85** honderd-en-dertig
sikkels was elke silwerskot-
tel, en sewentig elke bak, so-
dat al die silwer van die houers
tweeduisend-vierhonderd sik-
kels was volgens die sikkel van
die heiligdom;[m] **86** die twaalf
goue bekers[n] vol reukwerk was
tien sikkels vir elke beker vol-
gens die sikkel van die heilig-
dom, sodat al die goud van die
bekers honderd-en-twintig sik-
kels was; **87** al die vee vir die
brandoffer[o] was twaalf bulle,
twaalf ramme, twaalf jaaroud
ramlammers en hulle graanof-
fers,[p] en twaalf boklammers
as ’n sondoffer;[q] **88** en al die
vee van die gemeenskapsoffer[r]
was vier-en-twintig bulle, sestig

**HFST. 7**
a Nu 7:13
b Le 1:3
c Le 4:23
d Le 3:1; Le 7:11
e Nu 1:11
f Nu 2:25; Nu 10:25
g Nu 7:13
h Le 1:3
i Le 4:23
j Le 3:1
k Nu 1:12
l Nu 2:27; Nu 10:26
m Nu 7:13
n Nu 7:44
o Le 1:3
p Le 4:23

**Tweede kol.**
a Le 3:1; Le 7:11
b Nu 1:13
c Nu 2:29; Nu 10:27
d Nu 7:13
e Nu 7:14
f Le 1:3
g Le 4:23
h Le 3:1
i Nu 1:15
j Nu 7:10; Esr 2:68
k Jos 22:14
l Nu 7:13
m Eks 30:13; Le 27:25
n Nu 7:14
o Nu 7:15
p Nu 7:13
q Nu 7:16
r Nu 7:17

ramme, sestig bokramme, ses-
tig jaaroud ramlammers. Dit
was die inwydingsoffer[a] van die
altaar nadat dit gesalf is.[b]
**89** En wanneer Moses in die
tent van samekoms ingegaan
het om met hom te praat,[c] dan
het hy die stem met hom hoor
praat van bokant die deksel[d] af
wat op die ark van die getuie-
nis was, tussen die twee gerubs
uit;[e] en hy het met hom gepraat.

**8** En Jehovah het met Moses
gepraat en gesê: **2** “Praat
met Aäron, en jy moet vir hom
sê: ‘Wanneer jy die lampe op-
steek, moet die sewe lampe
op die ruimte aan die voorkant
van die lampstaander skyn.’ ”[f]
**3** En Aäron het so begin doen.
Hy het die lampe daarvan op-
gesteek vir die ruimte aan die
voorkant van die lampstaan-
der,[g] net soos Jehovah Moses
beveel het. **4** En dit is hoe die
lampstaander gemaak is. Dit
was dryfwerk van goud. Tot aan
sy kante en tot aan sy bloeisels
was dit dryfwerk.[h] Volgens die
visioen[i] wat Jehovah aan Moses
getoon het, so het hy die lamp-
staander gemaak.
**5** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en gesê:
**6** “Neem die Leviete onder die
kinders van Israel uit, en jy
moet hulle reinig.[j] **7** En só
moet jy met hulle doen om
hulle te reinig: Spat ontsondi-
gingswater op hulle,[k] en hulle
moet ’n skeermes oor hulle hele
vlees laat gaan[l] en moet hulle
klere was[m] en hulleself rei-
nig.[n] **8** Dan moet hulle ’n jong
bul[o] neem en die graanoffer[p]
van fynmeel met olie bevogtig
wat daarby behoort, en jy moet
’n ander jong bul as ’n sondof-
fer neem.[q] **9** En jy moet die
Leviete voor die tent van sa-
mekoms laat kom en die hele
vergadering van die kinders
van Israel bymekaar laat kom.[a]
**10** En jy moet die Leviete voor
Jehovah laat kom, en die kin-
ders van Israel moet hulle han-
de op die Leviete[b] lê.[c] **11** En
Aäron moet die Leviete as ’n be-
weegoffer[d] van die kinders van
Israel voor Jehovah heen en
weer laat beweeg, en hulle moet
daar wees om die diens van Je-
hovah te verrig.[e]
**12** “Dan moet die Leviete
hulle hande op die kop van die
bulle lê.[f] Bring daarna die een
as ’n sondoffer en die ander as
’n brandoffer aan Jehovah, om
vir die Leviete versoening te
doen.[g] **13** En jy moet die Le-
viete voor Aäron en sy seuns
stel en hulle as ’n beweegoffer
aan Jehovah heen en weer laat
beweeg. **14** En jy moet die Le-
viete onder die kinders van Is-
rael uit afsonder, en die Levie-
te moet myne word.[h] **15** En
daarna moet die Leviete ingaan
om by die tent van samekoms
diens te doen.[i] So moet jy hulle
reinig en hulle as ’n beweegof-
fer heen en weer laat beweeg.[j]
**16** Want hulle is gegewenes,
wat aan my gegee is onder die
kinders van Israel uit.[k] In die
plek van dié wat alle moeder-
skote open, al die eersgebore-
nes van die kinders van Is-
rael,[l] sal ek hulle vir my neem.
**17** Want elke eersgeborene on-
der die kinders van Israel is
myne, onder die mense en on-
der die diere.[m] Op die dag toe
ek elke eersgeborene in Egipte-
land getref het,[n] het ek hulle vir
my geheilig.[o] **18** En ek sal die
Leviete in die plek van al die
eersgeborenes onder die kin-
ders van Israel neem.[p] **19** En
ek sal die Leviete as gegewenes
aan Aäron en sy seuns gee on-
der die kinders van Israel uit,[q]
om die diens van die kinders
van Israel in die tent van sa-

**HFST. 7**
a Nu 7:10, Nu 7:84
b Nu 7:1
c Eks 33:9, Nu 11:17, Nu 12:8
d Eks 25:22, Eks 37:6
e Eks 25:18, 1Sa 4:4, Ps 80:1

**HFST. 8**
f Eks 25:37, Eks 40:25, Le 24:2
g Heb 9:2
h Eks 37:17
i Eks 25:9, Eks 25:40, 1Kr 28:12, 1Kr 28:19, Heb 8:5
j Eks 29:4, Ps 26:6, Jes 52:11, 2Ko 7:1
k Eks 30:18, Ese 36:25
l Le 14:8
m Eks 19:10, Le 16:28, Nu 19:7
n Ps 51:2
o Le 1:3
p Le 2:1, Nu 15:9
q Le 4:3, Ro 8:3, 2Ko 5:21

**Tweede kol.**
a Le 8:3
b Nu 3:41, Nu 3:45
c Le 1:4, Nu 3:9
d Le 7:30, Le 8:27, Nu 8:21
e Nu 1:50, Nu 3:6
f Eks 29:10
g Le 1:4
h Nu 3:45, Nu 16:9
i Nu 4:3, Nu 8:11
j Eks 29:24
k Nu 3:45
l Nu 3:12
m Eks 13:2, Eks 13:12, Nu 3:13, Lu 2:23
n Eks 12:29, Ps 78:51, Ps 105:36, Ps 135:8, Heb 11:28
o Eks 13:15, Le 27:26
p Nu 3:12
q Nu 3:9, Nu 18:6

mekoms te verrig[a] en om vir die kinders van Israel versoening te doen, sodat geen plaag onder die kinders van Israel kom[b] omdat die kinders van Israel nader kom na die heiligdom nie."

**20** En Moses en Aäron en die hele vergadering van die kinders van Israel het so met die Leviete gedoen. Ooreenkomstig alles wat Jehovah Moses aangaande die Leviete beveel het, so het die kinders van Israel met hulle gedoen. **21** En die Leviete het hulleself gereinig[c] en hulle klere gewas, waarna Aäron hulle as 'n beweegoffer voor Jehovah heen en weer laat beweeg het.[d] Toe het Aäron vir hulle versoening gedoen om hulle te reinig.[e] **22** Eers daarna het die Leviete ingegaan om hulle diens in die tent van samekoms voor Aäron en sy seuns te verrig.[f] Net soos Jehovah Moses aangaande die Leviete beveel het, so het hulle met hulle gedoen.

**23** Jehovah het toe met Moses gepraat en gesê: **24** "Dít is van toepassing op die Leviete: Van vyf-en-twintig jaar en ouer moet hy kom om in die groep in te tree in die diens van die tent van samekoms. **25** Maar ná die ouderdom van vyftig jaar moet hy hom aan die diensgroep onttrek en nie meer dien nie. **26** En hy moet sy broers in die tent van samekoms dien in die nakoming van die verpligting, maar hy mag geen diens verrig nie. So moet jy met die Leviete doen ten opsigte van hulle verpligtinge."[g]

**9** En Jehovah het met Moses gepraat in die wildernis Si′nai in die tweede jaar ná hulle uittog uit Egipteland, in die eerste maand,[h] en gesê: **2** "Die kinders van Israel moet die pasgaoffer[a] op die vasgestelde tyd[b] daarvoor berei. **3** Op die veertiende dag in hierdie maand, tussen die twee aande,[c] moet julle dit op die vasgestelde tyd daarvoor berei. Volgens al die insettinge en al die gebruiklike prosedures daarvoor moet julle dit berei."[d]

**4** Daarop het Moses vir die kinders van Israel gesê dat hulle die pasgaoffer moet berei. **5** Toe het hulle die pasgaoffer in die eerste maand berei, op die veertiende dag van die maand, tussen die twee aande, in die wildernis Si′nai. Volgens alles wat Jehovah Moses beveel het, so het die kinders van Israel gedoen.[e]

**6** En daar was manne wat deur 'n mensesiel onrein geword het,[f] sodat hulle nie die pasgaoffer op daardie dag kon berei nie. Daarom het hulle op dié dag voor Moses en Aäron verskyn.[g] **7** Toe het dié manne vir hom gesê: "Ons is onrein deur 'n mensesiel. Waarom moet ons daarvan weerhou word om die offer[h] vir Jehovah op die vasgestelde tyd daarvoor onder die kinders van Israel aan te bied?" **8** Hierop het Moses vir hulle gesê: "Bly hier staan, en laat ek hoor wat Jehovah aangaande julle beveel."[i]

**9** Toe het Jehovah met Moses gepraat en gesê: **10** "Praat met die kinders van Israel en sê: 'Al sou iemand van julle of van julle geslagte deur 'n siel onrein wees[j] of op 'n ver reis wees, moet ook hy die pasgaoffer vir Jehovah berei. **11** In die tweede maand,[k] op die veertiende dag, tussen die twee aande, moet hulle dit berei. Met ongesuurde koeke en bitter kruie moet hulle dit eet.[l] **12** Hulle mag niks daarvan tot die oggend toe laat oorbly nie,[m] en

**HFST. 8**
a 1Kr 23:32; Ese 44:11
b Nu 1:53; Nu 18:5; 1Sa 6:19; 2Kr 26:16
c Nu 8:7
d Nu 8:11
e Nu 8:12
f Nu 8:15; 2Kr 31:2
g Nu 1:53; Nu 3:32; Nu 18:4; 1Kr 23:32; Ese 44:11

**HFST. 9**
h Eks 40:2; Nu 1:1

**Tweede kol.**
a Eks 12:27
b Eks 12:6; Le 23:5; Nu 28:16; De 16:1; Jos 5:10; Mr 14:12; 1Ko 5:7
c Eks 12:6
d Eks 12:8
e De 30:8; Pr 12:13
f Le 21:11; Nu 5:2; Nu 6:6; Nu 19:14; Nu 19:16
g Eks 18:15; Nu 15:33; Nu 27:2
h Le 7:21; De 16:2
i Eks 25:22; Le 16:2; Ps 99:6
j Nu 5:2
k 2Kr 30:2; 2Kr 30:15
l Eks 12:8
m Eks 12:10

hulle mag geen been daarvan
breek nie.[a] Volgens die hele in-
setting van die pasga moet hul-
le dit berei.[b] **13** Maar as die
man rein was of nie op reis was
nie en nagelaat het om die pas-
gaoffer te berei, dan moet dié
siel uit sy volk uitgeroei word,[c]
want hy het die offer van Je-
hovah nie op die vasgestelde
tyd daarvoor aangebied nie. Dié
man moet verantwoording doen
vir sy sonde.[d]

**14** "'En as 'n inwonende
vreemdeling as 'n vreemdeling
by julle woon, moet ook hy die
pasgaoffer vir Jehovah berei.[e]
Volgens die insetting van die
pasga en volgens die gebruikli-
ke prosedure daarvoor moet hy
dit doen.[f] Daar moet een inset-
ting vir julle wees, vir die inwo-
nende vreemdeling sowel as vir
die boorling van die land.'"[g]

**15** En op die dag toe die ta-
bernakel opgerig is,[h] het die
wolk die tabernakel van die
tent van die Getuienis bedek,[i]
maar in die aand het iets wat
soos vuur gelyk het,[j] oor die ta-
bernakel gebly tot die oggend
toe. **16** Só het dit voortdu-
rend gebly: Die wolk het dit
bedags bedek, en die vuurver-
skynsel snags.[k] **17** En wan-
neer die wolk van die tent af op-
getrek het, het die kinders van
Israel onmiddellik daarna weg-
getrek,[l] en op die plek waar die
wolk vertoef het, daar het die
kinders van Israel kamp opge-
slaan.[m] **18** Op bevel van Jeho-
vah het die kinders van Is-
rael weggetrek, en op bevel
van Jehovah het hulle kamp
opgeslaan.[n] Al die dae dat die
wolk oor die tabernakel vertoef
het, het hulle kamp daar ge-
bly. **19** En wanneer die wolk
baie dae oor die tabernakel
bly staan het, dan het die kin-
ders van Israel hulle verplig-
ting teenoor Jehovah nagekom,
dat hulle nie moet wegtrek nie.[a]
**20** En soms het die wolk 'n
paar dae oor die tabernakel ge-
bly. Op bevel[b] van Jehovah het
hulle kamp daar gebly, en op be-
vel van Jehovah het hulle weg-
getrek. **21** En soms het die
wolk[c] van die aand tot die og-
gend gebly; en die wolk het in
die oggend opgetrek, en hulle
het weggetrek. Of dit bedags of
snags was dat die wolk opgetrek
het, hulle het dan weggetrek.[d]
**22** Of die wolk twee dae of 'n
maand of meer dae oor die ta-
bernakel bly staan het deur
daaroor te vertoef, die kinders
van Israel se kamp het daar ge-
bly en hulle het nie weggetrek
nie, maar wanneer dit opge-
trek het, het hulle weggetrek.[e]
**23** Op bevel van Jehovah het
hulle kamp opgeslaan, en op be-
vel van Jehovah het hulle weg-
getrek. Hulle het hulle verplig-
ting[f] teenoor Jehovah nagekom
op bevel van Jehovah deur mid-
del van Moses.[g]

**10** En Jehovah het met Mo-
ses gepraat en gesê:
**2** "Maak vir jou twee silwer-
trompette.[h] Jy moet dit van
dryfwerk maak, en dit moet vir
jou dien om die vergadering by-
een te roep[i] en om die kampe te
laat opbreek. **3** En hulle moet
op albei blaas, en die hele verga-
dering moet hulle afspraak met
jou nakom by die ingang van
die tent van samekoms.[j] **4** En
as hulle op net een blaas, dan
moet die owerstes as hoofde
van die duisende van Israel hul-
le afspraak met jou nakom.[k]

**5** "En julle moet onegalig
blaas, en die kampe van dié
wat aan die oostekant kamp
opgeslaan het,[l] moet wegtrek.
**6** En julle moet 'n tweede keer
onegalig blaas, en die kam-

HFST. 9
a Eks 12:46, Ps 34:20, Joh 19:36
b Eks 12:43
c Eks 12:15
d Jak 4:17
e Eks 12:19, Eks 12:48
f Eks 12:8
g Eks 12:49, Le 24:22, De 29:11, De 31:12, Ro 2:11
h Eks 40:2, Eks 40:17
i Eks 14:24, Eks 40:34, Ne 9:12
j Eks 13:21, Eks 40:38, Nu 14:14
k Eks 13:22, De 1:33, Ne 9:19
l Eks 40:36, Nu 10:11, Nu 10:34
m Eks 33:14, Eks 40:37
n Eks 17:1, Nu 10:13

Tweede kol.
a Eks 40:37, Nu 1:52
b Ps 48:14
c Ps 78:14
d Eks 40:36, Nu 9:17
e De 1:7, De 2:3
f Eks 24:3, Nu 9:19, De 11:1, Jos 22:3
g Eks 39:42

HFST. 10
h Le 23:24, Le 25:9
i Ps 81:3, Jl 1:14
j Nu 1:18, De 29:10, Jer 4:5
k Eks 18:21, Nu 1:16, Nu 7:2, De 1:15, De 5:23, De 31:9
l Nu 2:3

pe van dié wat aan die sui-
dekant kamp opgeslaan het,[a]
moet wegtrek. Hulle moet on-
egalig blaas elke keer wanneer
een van hulle wegtrek.

7 "En wanneer die gemeen-
te bymekaargeroep word, moet
julle blaas,[b] maar julle moe-
nie onegalig blaas nie. 8 En
Aäron se seuns, die priesters,
moet op die trompette blaas,[c]
en die gebruik daarvan moet
vir julle 'n insetting tot on-
bepaalde tyd in julle geslagte
wees.

9 "En as julle in julle land
oorlog begin voer teen die on-
derdrukker wat julle teister,[d]
dan moet julle 'n oorlogsinjaal
op die trompette blaas,[e] en daar
sal beslis aan julle gedink word
voor Jehovah julle God, en jul-
le sal van julle vyande gered
word.[f]

10 "En op die dag van julle
vreugde[g] en in julle feestye[h] en
aan die begin van julle maande[i]
moet julle oor julle brandoffers[j]
en julle gemeenskapsoffers[k] op
die trompette blaas; en die ge-
bruik daarvan moet dien om
julle voor julle God in gedagte-
nis te bring. Ek is Jehovah julle
God."[l]

11 En in die tweede jaar, in
die tweede maand, op die twin-
tigste dag van die maand,[m] het
die wolk opgetrek van die ta-
bernakel[n] van die Getuienis af.
12 En die kinders van Israel
het volgens hulle wyse van ver-
trek[o] uit die wildernis Si'nai be-
gin wegtrek, en die wolk het
in die wildernis Paran[p] vertoef.
13 En hulle het die eerste keer
begin wegtrek, volgens die be-
vel van Jehovah deur middel
van Moses.[q]

14 Die driestamafdeling van
die kamp van die kinders van
Juda het dus eerste weggetrek
volgens hulle leërs,[a] en oor sy
leër was Nagson,[b] die seun van
Ammina'dab. 15 En oor die
leër van die stam van die kin-
ders van Is'saskar was Neta'-
nel,[c] die seun van Suar. 16 En
oor die leër van die stam van
die kinders van Se'bulon was
Eli'ab, die seun van Helon.[d]

17 En die tabernakel is afge-
breek,[e] en die seuns van Ger-
son[f] en die seuns van Mera'ri,[g]
as draers van die tabernakel,
het weggetrek.

18 En die driestamafdeling
van die kamp van Ruben[h] het
volgens hulle leërs weggetrek,
en oor sy leër was Eli'sur,[i] die
seun van Sede'ür. 19 En oor
die leër van die stam van die
kinders van Si'meon[j] was Selu'-
miël,[k] die seun van Suri'saddai.
20 En oor die leër van die stam
van die kinders van Gad was
El'jasaf,[l] die seun van De'huel.

21 En die Kehatiete, as dra-
ers van die heiligdom,[m] het
weggetrek, aangesien die ta-
bernakel teen die tyd van hulle
koms reeds opgerig sou wees.

22 En die driestamafdeling
van die kamp van die kinders
van E'fraim[n] het volgens hul-
le leërs weggetrek, en oor sy
leër was Elisa'ma,[o] die seun van
Ammi'hud. 23 En oor die leër
van die stam van die kinders
van Manas'se[p] was Gama'liël,[q]
die seun van Peda'sur. 24 En
oor die leër van die stam van
die kinders van Benjamin[r] was
Abi'dan,[s] die seun van Gideo'ni.

25 En die driestamafdeling
van die kamp van die kinders
van Dan[t] het weggetrek en die
agterhoede gevorm[u] vir al die
kampe volgens hulle leërs, en
oor sy leër was Ahiëser,[v] die
seun van Ammi'saddai. 26 En
oor die leër van die stam
van die kinders van Aser[w] was

HFST. 10

a Nu 2:10
b Nu 10:3; Jl 2:15
c Nu 31:6; 1Kr 15:24; 1Kr 16:6; 2Kr 29:26; Ne 12:35; Ne 12:41
d Rig 2:18; Rig 6:9
e Rig 3:27; Rig 7:20; 2Kr 13:12; 1Ko 14:8
f Ps 106:4
g 1Kr 15:28; 2Kr 5:12; 2Kr 7:6; Esr 3:10
h Le 23:24; Nu 29:1
i Ps 81:3
j Nu 28:11
k Le 3:1; Nu 29:39
l Eks 6:7; Le 11:45
m Nu 1:1
n Nu 9:17; Ps 78:14
o Eks 40:36; Nu 2:9; Nu 2:16; Nu 2:17; Nu 2:24; Nu 2:31
p Ge 21:21; Nu 12:16; Nu 13:26; De 1:2
q Nu 2:34; Nu 9:23

Tweede kol.

a Nu 2:3
b Nu 1:7
c Nu 1:8; Nu 2:5
d Nu 2:7
e Nu 1:51
f Nu 3:25
g Nu 3:36
h Nu 2:10
i Nu 1:5
j Nu 2:12
k Nu 1:6
l Nu 1:14; Nu 2:14
m Nu 3:31; Nu 4:4; Nu 4:15; Nu 7:9
n Nu 2:24
o Nu 1:10; Nu 2:18
p Nu 2:20
q Nu 1:10
r Nu 2:22
s Nu 1:11
t Nu 2:25; Nu 2:31
u Jos 6:9
v Nu 1:12
w Nu 2:27

Pa′giël,[a] die seun van Ogran.
**27** En oor die leër van die stam
van die kinders van Naf′tali[b]
was Ahi′ra,[c] die seun van Enan.
**28** Op dié wyse het die kinders
van Israel volgens hulle leërs
vertrek wanneer hulle wegge-
trek het.[d]

**29** Toe het Moses vir Hobab,
die seun van Re′huel,[e] die Mi-
dianiet, die skoonvader van Mo-
ses, gesê: “Ons vertrek na die
plek waarvan Jehovah gesê het:
‘Ek sal dit aan julle gee.’[f] Kom
tog saam met ons, en ons sal
beslis aan jou goed doen,[g] want
Jehovah het goeie dinge oor Is-
rael gespreek.”[h] **30** Maar hy
het vir hom gesê: “Ek sal nie
saamgaan nie, maar ek sal na
my land[i] en na my familielede
gaan.” **31** Hierop het hy gesê:
“Moet ons asseblief nie verlaat
nie, want jy weet goed waar
ons in die wildernis kan kamp
opslaan, en daarom moet jy vir
ons as oë dien. **32** En as jy
saam met ons kom,[j] ja, dan sal
ons met die goedheid waarmee
Jehovah aan ons goed sal doen,
ook aan jou goed doen.”

**33** Toe het hulle van die berg
van Jehovah[k] af drie dagreise
ver getrek, en die ark van Jeho-
vah se verbond[l] het drie dagrei-
se ver voor hulle uit getrek om
vir hulle ’n rusplek uit te soek.[m]
**34** En Jehovah se wolk[n] was
bedags oor hulle wanneer hul-
le van die kampplek weggetrek
het.

**35** En wanneer die Ark weg-
getrek het, het Moses gesê:
“Staan tog op, o Jehovah, en
laat u vyande verstrooi word;[o]
en laat dié wat u intens haat,
voor u wegvlug.”[p] **36** En wan-
neer dit gerus het, het hy ge-
sê: “Keer tog terug, o Jehovah,
na die tienduisende duisendtal-
le van Israel.”[q]

**11** En die volk het soos
mense geword wat iets
slegs het om oor te kla voor die
ore van Jehovah.[a] Toe Jehovah
dit hoor, het sy toorn ontvlam,
en ’n vuur van Jehovah het be-
gin om teen hulle te brand
en party aan die rand van die
kamp te verteer.[b] **2** Toe die
volk na Moses begin roep, het
hy smeekbedes tot Jehovah ge-
doen,[c] en die vuur het dood-
gegaan. **3** En dié plek is Ta-
be′ra[d] genoem, omdat ’n vuur
van Jehovah teen hulle gebrand
het.

**4** En die gemengde skare[e]
wat onder hulle was, het aan ’n
selfsugtige verlange uiting ge-
gee,[f] en ook die kinders van Is-
rael het weer begin huil en ge-
sê: “Wie sal vir ons vleis gee om
te eet?[g] **5** Ons onthou nog die
vis wat ons verniet in Egipte
geëet het,[h] die komkommers en
die waatlemoene en die preie en
die uie en die knoffel! **6** Maar
nou is ons siel uitgedroog. Daar
is niks behalwe die manna voor
ons oë nie.”[i]

**7** Terloops, die manna[j] was
soos koljandersaad,[k] en dit het
soos balsemgom[l] gelyk. **8** Die
volk het versprei en dit opge-
tel[m] en dit in handmeule ge-
maal of in ’n vysel fyngestamp,
en hulle het dit in kookpot-
te gekook[n] of ronde koeke daar-
van gemaak, en die smaak daar-
van was soos die smaak van ’n
soet oliekoek.[o] **9** En wanneer
die dou snags op die kamp geval
het, het die manna daarop ge-
val.[p]

**10** En Moses het die volk vol-
gens hulle families hoor huil,
elke man by die ingang van
sy tent. En Jehovah se toorn
het grootliks ontvlam,[q] en dit
was sleg in die oë van Moses.[r]
**11** Toe het Moses vir Jehovah

HFST. 10
a Nu 1:13
b Nu 2:29
c Nu 1:15
d Nu 2:34
e Eks 2:18, Eks 3:1, Eks 18:1, Eks 18:27
f Ge 12:7, Ge 13:15, Ge 15:18, Han 7:5
g Rig 1:16, Rig 4:11, 1Sa 15:6
h Ge 32:12, Eks 3:8, Eks 6:7, Nu 23:19
i Eks 3:1
j Rig 1:16, Rig 4:11
k Eks 3:1, Eks 19:3, Eks 24:16, De 5:2, 1Kn 19:8, Mal 4:4
l Eks 25:10, Eks 25:17
m De 1:33, Jos 3:3, Jos 3:4
n Eks 13:21, Ne 9:12, Ps 78:14, Ps 105:39
o Ps 17:13, Ps 132:8
p Ps 68:1
q De 1:10

Tweede kol.

HFST. 11
a De 9:22
b Ps 78:21, Ps 106:18
c Eks 32:11, De 9:19, Ps 106:23, Jak 5:16
d De 9:22
e Eks 12:38, Le 24:10
f 1Ko 10:10
g Ps 78:18, Ps 78:22, Ps 106:14
h Eks 16:3
i Eks 16:35, Nu 21:5
j Eks 16:14, Ne 9:20, Joh 6:31, Joh 6:33, Joh 6:51
k Eks 16:31
l Ge 2:12
m Eks 16:16
n Eks 16:23
o Eks 16:31
p Ps 78:24
q Nu 11:1, De 32:22, Ps 78:21
r Spr 29:27

gesê: "Waarom het u u kneg
kwaad aangedoen, en waarom
het ek geen guns in u oë gevind
nie, dat u die las van hierdie
hele volk op my lê?[a] **12** Het
ek met hierdie hele volk swan-
ger geword? Het ek aan hulle
geboorte gegee, sodat u vir my
sê: 'Dra hulle in jou boesem,[b]
soos die oppasser die suigeling
dra',[c] na die land wat u aan hul-
le voorvaders met 'n eed beloof
het?[d] **13** Waarvandaan kry ek
vleis om aan hierdie hele volk
te gee? Want hulle bly by my
huil en sê: 'Gee ons tog vleis,
en laat ons eet!' **14** Ek, ek al-
leen, kan hierdie hele volk nie
dra nie, want hulle is te swaar
vir my.[e] **15** En as u so met my
handel, maak my dan asseblief
liewer dood[f] as ek guns in u oë
gevind het, en laat my nie my
rampspoed aanskou nie."
**16** Hierop het Jehovah vir
Moses gesê: "Versamel vir my
sewentig manne van die ouer
manne van Israel,[g] van wie jy
weet dat hulle ouer manne en
beamptes van die volk is,[h] en
jy moet hulle na die tent van
samekoms neem, en hulle moet
daar by jou staan. **17** En ek
sal moet neerdaal[i] en daar met
jou moet praat;[j] en ek sal van
die gees[k] wat op jou is, moet
wegneem en dit op hulle moet
plaas, en hulle sal jou moet help
om die las van die volk te dra,
sodat jy dit nie alleen hoef te
dra nie.[l] **18** En vir die volk
moet jy sê: 'Heilig julle vir mô-
re,[m] aangesien julle beslis vleis
sal eet, want julle het voor die
ore van Jehovah gehuil[n] en ge-
sê: "Wie sal vir ons vleis gee om
te eet, want dit het goed ge-
gaan met ons in Egipte?"[o] En
Jehovah sal beslis vir julle vleis
gee, en julle sal inderdaad eet.[p]
**19** Julle sal eet, nie een dag of
twee dae of vyf dae of tien dae
of twintig dae nie, **20** maar 'n
hele maand lank, totdat dit uit
julle neusgate uitkom en dit vir
julle 'n gruwel geword het,[a] net
omdat julle Jehovah, wat in jul-
le midde is, verwerp het en jul-
le voor hom begin huil en ge-
sê het: "Waarom het ons tog uit
Egipte uitgetrek?"'"[b]
**21** Toe het Moses gesê: "Die
volk onder wie ek is, is ses-
honderdduisend man[c] te voet,
en tog het u, ja u, gesê: 'Vleis
sal ek vir hulle gee, en hul-
le sal beslis 'n hele maand lank
eet'! **22** Sal kleinvee en bees-
te vir hulle geslag word, sodat
dit vir hulle genoeg is?[d] Of sal
al die visse van die see vir hulle
gevang word, sodat dit vir hulle
genoeg is?"
**23** Hierop het Jehovah vir
Moses gesê: "Is die hand van Je-
hovah te kort?[e] Nou sal jy sien
of wat ek sê, oor jou kom of
nie."[f]
**24** Daarna het Moses uitge-
gaan en die woorde van Jeho-
vah tot die volk gespreek. En
hy het sewentig manne uit die
ouer manne van die volk ver-
samel en hulle rondom die tent
laat staan.[g] **25** Toe het Jeho-
vah in 'n wolk neergedaal[h] en
met hom gepraat[i] en van die
gees[j] wat op hom was, wegge-
neem en dit op elkeen van die
sewentig ouer manne geplaas.
En toe die gees op hulle gaan
rus, het hulle as profete opge-
tree; maar hulle het dit nie
weer gedoen nie.[k]
**26** En twee van die manne
het in die kamp agtergebly. Die
naam van die een was Eldad
en die naam van die ander was
Medad. En die gees het op hul-
le gaan rus, aangesien hulle on-
der dié was wat opgeskryf was,
maar hulle het nie uitgegaan na

**HFST. 11**

a Eks 17:4, De 1:12
b Jes 40:11
c 1Te 2:7
d Ge 13:15, Ge 26:3, Ge 50:24, Eks 13:5
e Eks 18:18, De 1:9
f 1Kn 19:4, Job 6:9
g Eks 24:1, Eks 24:9
h De 16:18
i Ge 17:22, Eks 19:11, Eks 25:22, Eks 34:5, Nu 12:5
j Nu 11:25, Nu 12:8
k Nu 27:18, 1Sa 10:6, 2Kn 2:15, Ne 9:20, Han 2:17
l Eks 18:22
m Eks 19:10
n Eks 16:7
o Nu 11:4, Nu 11:5
p Eks 16:8

**Tweede kol.**

a Ps 78:29, Ps 106:15
b Nu 21:5
c Ge 12:2, Eks 12:37, Eks 38:26, Nu 1:46
d Mt 15:33
e Ge 18:14, Jes 50:2, Jes 59:1, Mr 10:27, Lu 1:37
f Jes 55:11, Jer 44:28, Tit 1:2, Heb 6:18
g Nu 11:16
h Eks 33:9, Nu 12:5, De 31:15
i Ps 99:7
j Nu 11:17, 2Kn 2:9, 2Kn 2:15
k 1Sa 10:6, 1Sa 19:20

die tent nie. Toe het hulle as
profete opgetree in die kamp.
**27** En 'n jong man het gehard-
loop en dit vir Moses vertel
en gesê: "Eldad en Medad tree
as profete op in die kamp!"
**28** Toe het Josua, die seun van
Nun, die dienaar[a] van Moses
van sy jeug af, geantwoord en
gesê: "My heer Moses, belet hul-
le dit!"[b] **29** Moses het egter
vir hom gesê: "Is jy jaloers oor
my? Nee, ek wens dat Jehovah
se hele volk profete was, want
Jehovah sou sy gees op hulle
plaas!"[c] **30** Later het Moses
na die kamp teruggekeer, hy en
die ouer manne van Israel.

**31** En 'n wind[d] wat deur Je-
hovah gestuur is, het opgesteek
en begin om kwartels van die
see af voort te dryf[e] en hul-
le bokant die kamp te laat val,
ongeveer 'n dagreis na die een
kant en ongeveer 'n dagreis
na die ander kant toe, rond-
om die kamp, en ongeveer twee
el bokant die oppervlak van
die grond. **32** Toe het die volk
opgestaan daardie hele dag en
hele nag en die hele volgende
dag en die kwartels bly versa-
mel. Hy wat die minste byme-
kaargemaak het, het tien ho-
mer[f] versamel, en hulle het dit
vir hulle wyd uitgesprei rond-
om die kamp. **33** Die vleis
was nog tussen hulle tande,[g]
voordat dit gekou kon word, toe
Jehovah se toorn teen die volk
ontvlam het,[h] en Jehovah het
'n baie groot slagting onder die
volk teweeggebring.[i]

**34** Dié plek is Kib′rot-Hat-
ta′äwa[j] genoem, want daar het
hulle die volk begrawe wat self-
sugtige begeerte getoon het.[k]
**35** Van Kib′rot-Hatta′äwa af
het die volk weggetrek na Ha′-
serot, en hulle het in Ha′serot[l]
gebly.

**12** En Mirjam en Aäron het
teen Moses begin praat
weens die Kussitiese vrou wat
hy geneem het, want hy het
'n Kussitiese vrou geneem.[a]
**2** En hulle het bly sê: "Praat Je-
hovah net deur Moses alleen?
Het hy nie ook deur ons ge-
praat nie?"[b] En Jehovah het ge-
luister.[c] **3** En die man Moses
was verreweg die sagmoedig-
ste[d] van al die mense wat op die
oppervlak van die aarde was.

**4** Toe het Jehovah meteens
vir Moses en Aäron en Mir-
jam gesê: "Gaan uit, julle drie,
na die tent van samekoms."
Toe het hulle drie uitgegaan.
**5** Daarna het Jehovah in die
wolkkolom neergedaal[e] en by
die ingang van die tent gaan
staan en Aäron en Mirjam ge-
roep. Hierop het hulle twee
uitgegaan. **6** En hy het gesê:
"Hoor asseblief my woorde. As
iemand onder julle 'n profeet
van Jehovah word, sal ek my
in 'n visioen[f] aan hom bekend
maak. In 'n droom[g] sal ek met
hom praat. **7** So is dit nie met
my kneg Moses nie![h] Aan hom
is my hele huis toevertrou.[i]
**8** Mond tot mond praat ek met
hom,[j] en toon so vir hom dinge,
en nie deur raaisels nie;[k] en hy
aanskou die voorkoms van Je-
hovah.[l] Waarom het julle dan
nie gevrees om teen my kneg,
teen Moses, te praat nie?"[m]

**9** En Jehovah se toorn het
teen hulle ontvlam, en hy het
weggegaan. **10** En die wolk
het van die tent af weggetrek,
en kyk! Mirjam is met melaats-
heid getref, wit soos sneeu.[n]
Toe het Aäron na Mirjam toe
gedraai, en kyk! sy is met me-
laatsheid getref.[o] **11** Onmid-
dellik het Aäron vir Moses gesê:
"Verskoon my, my heer! Moet
ons asseblief nie die sonde toe-

**HFST. 11**
a Eks 17:9, Eks 24:13, Eks 33:11, Nu 27:18, De 31:3
b Mr 9:38
c Jl 2:28, Han 26:29
d Ps 78:26, Ps 135:7
e Eks 16:13, Ps 78:27, Ps 105:40
f Eks 16:36, Ese 45:11
g Ps 78:30, Ps 106:15
h Ps 78:31
i 1Ko 10:10
j Nu 33:16, De 9:22
k 1Ko 10:6
l Nu 33:17, De 1:1

**Tweede kol.**

**HFST. 12**
a Eks 2:16, Eks 2:21
b Eks 4:15, Eks 4:30, Eks 15:20, Eks 28:30, Mi 6:4
c Nu 11:1, 2Kn 19:4
d Ps 147:6, Ps 149:4, Mt 11:29, Mt 21:5, 1Pe 3:4
e Eks 34:5, Nu 11:25, Ps 99:7
f Ge 15:1, Ge 46:2, Eks 24:11, Job 33:15
g Ge 31:10, Jer 23:28
h Ps 105:26
i Heb 3:2
j Eks 33:11, De 34:10
k Ps 49:4, 1Ko 13:12
l Eks 24:10
m Eks 34:30, 2Pe 2:10, Jud 8
n De 24:9
o 2Kr 26:19

reken waarin ons dwaas opge-
tree het en wat ons gepleeg het
nie![a] **12** Moet haar asseblief
nie soos ’n dooie laat bly,[b] wie
se vlees half verteer is wanneer
hy uit sy moeder se skoot kom
nie!” **13** En Moses het tot Je-
hovah begin roep en gesê: “O
God, asseblief! Genees haar, as-
seblief!”[c]

**14** Toe het Jehovah vir Mo-
ses gesê: “As haar vader haar
reg in haar gesig sou spoeg,[d]
sou sy nie sewe dae lank ver-
neder wees nie? Laat sy sewe
dae lank buite die kamp[e] on-
der kwarantyn geplaas word,[f]
en laat sy daarna opge-
neem word.”[g] **15** Gevolglik is
Mirjam sewe dae lank buite
die kamp onder kwarantyn ge-
plaas,[h] en die volk het nie weg-
getrek voordat Mirjam opge-
neem is nie. **16** En daarna het
die volk van Ha′serot[i] af wegge-
trek en in die wildernis Paran[j]
kamp opgeslaan.

**13** Jehovah het toe met Mo-
ses gepraat en gesê:
**2** “Stuur vir jou manne uit so-
dat hulle die land Kanaän kan
verken, wat ek aan die kinders
van Israel gee.[k] Julle moet een
man vir elke stam van sy va-
ders uitstuur, elkeen ’n owers-
ste[l] onder hulle.”

**3** Toe het Moses hulle op be-
vel van Jehovah van die wil-
dernis Paran[m] af uitgestuur. Al
die manne was hoofde van die
kinders van Israel. **4** En dít
is hulle name: Van die stam
Ruben: Sam′mua, die seun van
Sakkur; **5** van die stam Si′-
meon: Safat, die seun van Ho-
ri; **6** van die stam Juda: Ka-
leb,[n] die seun van Jefun′ne;
**7** van die stam Is′saskar: Ji-
gal, die seun van Josef; **8** van
die stam E′fraim: Hose′a,[o] die
seun van Nun; **9** van die stam
Benjamin: Palti, die seun van
Rafu; **10** van die stam Se′-
bulon: Gad′diël, die seun van
Sodi; **11** van die stam Josef,[a]
vir die stam Manas′se:[b] Gaddi,
die seun van Susi; **12** van die
stam Dan: Ammi′ël, die seun
van Gemal′li; **13** van die stam
Aser: Setur, die seun van Mi′-
gael; **14** van die stam Naf′ta-
li: Nagbi, die seun van Wofsi;
**15** van die stam Gad: Ge′hu-
el, die seun van Magi. **16** Dit
is die name van die manne wat
Moses gestuur het om die land
te verken. En Moses het Hose′a,
die seun van Nun, Jo′sua ge-
noem.[c]

**17** Toe Moses hulle stuur om
die land Kanaän te verken, het
hy vir hulle gesê: “Trek hier op,
die Negeb[d] in, en julle moet na
die bergstreek optrek.[e] **18** En
julle moet kyk hoe die land is[f]
en die mense wat daarin woon,
of hulle sterk of swak is, of hul-
le min of baie is; **19** en hoe die
land is waarin hulle woon, of dit
goed of sleg is, en hoe die ste-
de is waarin hulle woon, of dit
kampe of vestings is; **20** en
hoe die land is, of dit vet of
skraal is,[g] of daar bome in is of
nie. En julle moet moedig wees[h]
en van die vrugte van die land
saambring.” En die dae was die
dae van die eerste ryp vrugte
van die druiwe.[i]

**21** En hulle het opgetrek en
die land verken van die wil-
dernis Zin[j] af tot by Rehob,[k]
teenoor die ingang van Hamat.[l]
**22** Toe hulle optrek, die Negeb
in,[m] het hulle by Hebron[n] ge-
kom. En Ahi′man, Sesai en Tal-
mai,[o] dié wat vir Enak[p] gebore
is, was daar. Terloops, Hebron[q]
is sewe jaar voor Soan[r] van
Egipte gebou. **23** Toe hulle by
die Eskolstroomvallei[s] kom, het

**HFST. 12**
a 2Sa 24:10; Spr 30:32; Mr 7:20
b Le 13:45
c Eks 32:11; Jak 5:16
d Job 30:10; Jes 50:6
e Le 13:46; Nu 5:2
f Le 13:4
g Le 14:9
h De 24:9
i Nu 11:35; Nu 33:18; De 1:1
j Nu 10:12; Nu 13:26

**HFST. 13**
k Nu 32:8; De 1:22
l Eks 18:25; De 1:15
m Nu 12:16; De 1:19
n Nu 13:30; Nu 14:30; Nu 14:38; Nu 34:19; 1Kr 4:15
o Nu 11:28; Nu 13:16; Nu 14:30; Nu 34:17

**Tweede kol.**
a Ge 48:5
b Ge 48:19
c Eks 17:9
d Ge 20:1
e De 1:7; Rig 1:9
f Eks 3:8; De 8:7
g Ne 9:25; Ne 9:35; Ese 20:6
h De 31:6; Jos 1:6
i Nu 13:23
j Nu 34:3; Jos 15:1
k 2Sa 10:6; 2Sa 10:8
l Nu 34:8; Jos 13:5; Am 6:2
m Nu 13:17
n Ge 13:18
o Rig 1:10
p De 9:2; Jos 11:21; Jos 15:13
q Jos 21:11
r Ps 78:12; Jes 19:11
s Nu 32:9

hulle daar ’n loot met een tros druiwe afgesny.[a] En hulle het dit aan ’n draagstok op twee van die manne gedra, en ook van die granate[b] en van die vye. **24** Hulle het dié plek die Eskol-stroomvallei[c] genoem, weens die tros wat die kinders van Israel daar afgesny het.

**25** Uiteindelik het hulle ná verloop van veertig dae[d] teruggekeer van die verkenning van die land. **26** Toe het hulle gegaan en by Moses en Aäron en die hele vergadering van die kinders van Israel gekom in die wildernis Paran, by Kades.[e] En hulle het aan hulle en die hele vergadering berig gebring en hulle die vrugte van die land gewys. **27** En hulle het aan hom berig gebring en gesê: “Ons het in die land gekom waarheen u ons uitgestuur het, en dit loop inderdaad oor van melk en heuning,[f] en dít is sy vrugte.[g] **28** Die feite is nietemin dat die mense wat in die land woon, sterk is, en die versterkte stede is baie groot;[h] en ook het ons daar dié gesien wat vir Enak gebore is.[i] **29** Die Amalekiete[j] woon in die land van die Negeb,[k] en die Hetiete en die Jebusiete[l] en die Amoriete[m] woon in die bergstreek, en die Kanaäniete[n] woon by die see en aan die kant van die Jordaan.”

**30** Toe het Kaleb[o] die volk probeer stilmaak teenoor Moses en gesê: “Laat ons dadelik optrek, en ons sal dit sekerlik in besit neem, want ons kan gewis die oorhand daaroor kry.”[p] **31** Maar die manne wat saam met hom opgetrek het, het gesê: “Ons kan nie teen die mense optrek nie, want hulle is sterker as ons.”[q] **32** En hulle het ’n slegte berig[r] onder die kinders van Israel versprei oor die land wat hulle verken het, deur te sê: “Die land waardeur ons getrek het om dit te verken, is ’n land wat sy inwoners verteer; en al die mense wat ons daarin gesien het, is manne wat buitengewoon groot is.[a] **33** En daar het ons die Ne′filim gesien, die kinders van Enak,[b] wat van die Ne′filim afkomstig is, sodat ons in ons eie oë soos sprinkane geword het, en so het ons ook in hulle oë geword.”[c]

**14** Toe het die hele vergadering hulle stem verhef, en die hele nag deur het die volk onophoudelik hulle stem laat hoor en gehuil.[d] **2** En al die kinders van Israel het teen Moses en Aäron begin murmureer,[e] en die hele vergadering het teen hulle begin sê: “As ons maar in Egipteland gesterf het, of as ons maar in hierdie wildernis gesterf het! **3** En waarom bring Jehovah ons na hierdie land om deur die swaard te val?[f] Ons vrouens en ons kindertjies sal roofgoed word.[g] Is dit nie vir ons beter om na Egipte terug te keer nie?”[h] **4** Hulle het selfs vir mekaar gesê: “Laat ons ’n hoof aanstel, en laat ons na Egipte terugkeer!”[i]

**5** Hierop het Moses en Aäron op hulle gesig geval[j] voor die hele gemeente van die vergadering van die kinders van Israel. **6** En Josua, die seun van Nun,[k] en Kaleb, die seun van Jefun′ne,[l] wat van dié was wat die land verken het, het hulle klere geskeur,[m] **7** en hulle het vir die hele vergadering van die kinders van Israel gesê: “Die land waardeur ons getrek het om dit te verken, is ’n baie, baie goeie land.[n] **8** As Jehovah behae in ons het,[o] dan sal hy ons beslis in hierdie land bring en

**HFST. 13**
a De 1:25
b De 8:8
c De 1:24
d Nu 14:34
e De 1:19; Jos 14:6; Ps 29:8
f Eks 3:8; Le 20:24
g De 1:25
h De 1:28
i Nu 13:22; Nu 13:33
j Ge 36:12; Eks 17:8; 1Sa 15:3
k Nu 13:17
l Ge 10:16; Eks 23:23; De 7:1; Rig 1:21; 2Sa 5:8
m Jos 3:10
n Ge 10:19; De 20:17
o Nu 14:6
p Jos 14:7; Ps 60:12
q Nu 32:9; De 1:28; Jos 14:8
r Nu 14:36; Nu 32:9

**Tweede kol.**
a Am 2:9
b De 1:28; De 9:2
c De 2:10

**HFST. 14**
d De 1:32
e De 1:27; Ps 106:25
f Nu 14:29; Ps 78:40
g Nu 14:31; De 1:39
h Nu 11:5
i De 1:34; Ne 9:17; Heb 10:38
j De 9:26
k Nu 13:8; Nu 13:16
l Nu 13:6; Nu 14:30
m Jos 7:6
n Nu 13:27; De 1:25; De 8:7; De 11:14
o De 9:5; De 10:15

dit aan ons gee, ’n land wat
oorloop van melk en heuning.[a]
9 Moet net nie teen Jehovah in
opstand kom nie;[b] en julle, julle
moenie die mense van die land
vrees nie,[c] want hulle is brood
vir ons. Hulle beskutting het
van hulle gewyk,[d] en Jehovah is
met ons.[e] Moet hulle nie vrees
nie.”[f]

10 Die hele vergadering het
egter daarvan gepraat om hul-
le met klippe te gooi.[g] En Jeho-
vah se heerlikheid het bokant
die tent van samekoms aan al
die kinders van Israel verskyn.[h]

11 Uiteindelik het Jehovah
vir Moses gesê: “Hoe lank[i] sal
hierdie volk my met minagting
bejeën,[j] en hoe lank sal hulle
geen geloof in my stel nie, on-
danks al die tekens wat ek on-
der hulle verrig het?[k] 12 Laat
ek hulle met die pes tref en hul-
le verdryf, en laat ek jou ’n gro-
ter en magtiger nasie as hulle
maak.”[l]

13 Maar Moses het vir Jeho-
vah gesê: “Dan sal die Egipte-
naars sekerlik hoor dat u deur
u krag hierdie volk onder hul-
le uit laat optrek het.[m] 14 En
hulle sal dit sekerlik aan die
inwoners van hierdie land ver-
tel. Hulle het gehoor dat u, Je-
hovah, in die midde van hier-
die volk is,[n] dat u van aangesig
tot aangesig verskyn het.[o] U
is Jehovah, en u wolk staan
oor hulle, en u trek voor hul-
le uit, bedags in die wolkko-
lom en snags in die vuurkolom.[p]
15 As u hierdie volk soos een
man doodmaak,[q] dan sal die na-
sies wat van u roem gehoor het,
beslis sê: 16 ‘Omdat Jehovah
nie hierdie volk in die land kon
bring wat hy aan hulle met ’n
eed beloof het nie, het hy hulle
in die wildernis doodgemaak.’[r]
17 Laat u krag dan nou asse-
blief groot word,[a] o Jehovah,
net soos u gespreek het deur te
sê: 18 ‘Jehovah, wat nie gou
toornig word nie[b] en oorvloe-
dig is in liefderyke goedhar-
tigheid,[c] wat ongeregtigheid en
oortreding vergewe,[d] maar hy
sal geensins vrystelling van
straf gee nie,[e] want hy bring
straf vir die oortreding van va-
ders oor kinders, oor die der-
de geslag en oor die vierde
geslag.’[f] 19 Vergewe asseblief
die oortreding van hierdie volk
ooreenkomstig die grootheid
van u liefderyke goedhartig-
heid, en net soos u hierdie volk
van Egipte af tot nou toe verge-
we het.”[g]

20 Toe het Jehovah gesê:
“Ek vergewe volgens jou
woord.[h] 21 En daarenteen sal
die hele aarde, so waar as ek le-
we, met die heerlikheid van Je-
hovah gevul word.[i] 22 Maar
al die manne wat my heerlik-
heid[j] en my tekens[k] gesien het
wat ek in Egipte en in die wil-
dernis verrig het, en my nog-
tans nou al tien keer op die
proef gestel het[l] en na my stem
nie geluister het nie,[m] 23 sal
nooit die land sien wat ek aan
hulle vaders met ’n eed be-
loof het nie, ja, almal wat my
met minagting bejeën, sal dit
nie sien nie.[n] 24 Wat my kneg
Kaleb[o] betref, omdat hy ’n an-
der gees het en hy my volkome
bly volg het,[p] sal ek hom beslis
in die land bring waarheen hy
gegaan het, en sy nageslag sal
dit in besit neem.[q] 25 Terwyl
die Amalekiete en die Kanaä-
niete[r] in die laagvlakte woon,
moet julle môre wegdraai en
wegtrek om na die wildernis te
trek met die pad van die Rooi
See.”[s]

26 En Jehovah het met Mo-
ses en Äaron gepraat en gesê:

HFST. 14
a Eks 3:8
b De 9:7
c De 7:18; De 20:3
d Nu 24:8
e Ge 48:21; Eks 33:16; De 20:1; Jes 41:10; Ro 8:31
f Ps 27:14
g Eks 17:4
h Eks 16:10; Eks 24:17
i Eks 16:28
j Nu 14:23
k De 9:23; Ps 78:42; Ps 106:24; Joh 12:37; Heb 3:19
l Eks 32:10
m Eks 32:12; Ese 20:9
n Eks 15:14; Jos 2:10; Jos 5:1
o De 4:12; De 5:4
p Eks 13:21; Ne 9:12; Ps 78:14; Ps 105:39
q Rig 6:16
r De 9:28; De 32:27; Jos 7:9

Tweede kol.
a Ps 62:11; Ps 147:5
b Eks 34:6; Ro 9:22
c Ps 103:8; Jon 4:2; Mi 7:18
d Eks 34:7; 1Jo 1:9
e Na 1:3; Ro 2:5
f Eks 34:7
g Eks 34:9; Ps 78:38
h Jak 5:16
i Ps 72:19; Hab 2:14
j De 1:31
k Ne 9:17
l Eks 17:2; Ps 95:9; Ps 106:14; Heb 3:16
m Ps 81:11
n Nu 26:64; Nu 32:11; De 1:35; Ps 95:11; Ps 106:26; Heb 3:18; Heb 4:3
o Nu 13:30; Nu 26:65
p Jos 14:9
q Jos 14:14
r Nu 13:29
s De 1:40

**27** “Hoe lank sal hierdie bose
vergadering aanhou om so teen
my te murmureer?[a] Ek het
die murmureringe van die kin-
ders van Israel gehoor waar-
mee hulle teen my murmu-
reer.[b] **28** Sê vir hulle: ‘“So
waar as ek lewe”, is die woord
van Jehovah, “waarlik, net soos
julle voor my ore gespreek het,
so sal ek aan julle doen![c] **29** In
hierdie wildernis sal julle lyke
val,[d] ja, al julle geregistreer-
des van julle volle getal, van
twintig jaar en ouer, julle wat
teen my gemurmureer het.[e]
**30** Julle sal nie in die land in-
gaan waaroor ek my hand in ’n
eed opgehef het[f] om daar by jul-
le te woon nie, behalwe Kaleb,
die seun van Jefun′ne, en Josua,
die seun van Nun.[g]

**31** “‘“En julle kindertjies
wat julle gesê het roofgoed sal
word,[h] ook dié sal ek beslis in-
bring, en hulle sal inderdaad die
land leer ken wat julle verwerp
het.[i] **32** Maar julle lyke sal in
hierdie wildernis val.[j] **33** En
julle kinders sal veertig jaar
lank herders in die wildernis[k]
wees, en hulle sal verantwoor-
ding moet doen vir julle dade
van hoerery,[l] totdat julle lyke
in die wildernis tot ’n einde
kom.[m] **34** Volgens die getal
dae dat julle die land verken
het, veertig dae,[n] ’n dag vir ’n
jaar, ’n dag vir ’n jaar,[o] sal julle
verantwoording doen vir julle
oortredings, veertig jaar lank,[p]
aangesien julle moet weet wat
dit beteken as ek my van julle
afkeer.[q]

**35** “‘“Ek, Jehovah, het ge-
spreek, waarlik, ek sal dit aan
hierdie hele bose vergadering
doen,[r] dié wat teen my byme-
kaargekom het: In hierdie wil-
dernis sal hulle aan hulle ein-
de kom, en daar sal hulle sterf.[s]
**36** En die manne wat Moses ge-
stuur het om die land te verken
en wat by hulle terugkeer die
hele vergadering teen hom laat
murmureer het deur ’n slegte
berig teen die land te versprei,[a]
**37** ja, die manne wat die sleg-
te berig oor die land versprei
het, sal deur die plaag voor Je-
hovah sterf.[b] **38** Maar Josua,
die seun van Nun, en Kaleb,
die seun van Jefun′ne, sal beslis
bly lewe van dié manne wat die
land gaan verken het.”’”[c]

**39** Toe Moses hierdie woor-
de tot al die kinders van Israel
spreek, het die volk baie begin
treur.[d] **40** Wat meer is, hulle
het die oggend vroeg opgestaan
en na die top van die berg
probeer opklim en gesê: “Hier
is ons, en ons moet optrek
na die plek wat Jehovah ge-
noem het. Want ons het geson-
dig.”[e] **41** Maar Moses het ge-
sê: “Waarom oortree julle die
bevel van Jehovah?[f] Maar dit
sal nie slaag nie. **42** Moenie
optrek nie, want Jehovah is nie
in julle midde nie, sodat jul-
le nie voor julle vyande ver-
slaan word nie.[g] **43** Want die
Amalekiete en die Kanaäniete
is daar voor julle;[h] en julle sal
beslis deur die swaard val, want
julle het julle daarvan afgekeer
om Jehovah te volg, en daarom
sal Jehovah nie meer met julle
wees nie.”[i]

**44** Hulle het hulle egter aan-
gematig om na die top van die
berg op te trek,[j] maar die ark
van Jehovah se verbond en Mo-
ses het nie uit die kamp gewyk
nie.[k] **45** Toe het die Amale-
kiete[l] en die Kanaäniete wat in
daardie gebergte gewoon het,
afgekom en hulle begin ver-
slaan en hulle tot by Horma[m]
verstrooi.

HFST. 14
a Eks 16:28, Nu 14:11
b 1Ko 10:10
c Nu 14:2, Nu 26:64, Nu 32:11, De 1:35
d 1Ko 10:5, Heb 3:17
e Nu 1:45, Jud 5
f Eks 6:8
g Nu 26:65, Nu 32:12, De 1:36, De 1:38
h Nu 14:3, De 1:39
i Ps 106:24
j Ps 106:26, 1Ko 10:5, Heb 3:17, Jud 5
k Nu 32:13, Jos 14:10
l Ese 16:26, Jak 4:4
m De 1:3, De 2:14
n Nu 13:25
o Ese 4:6
p Ps 95:10, Han 7:36, Han 13:18
q Ps 60:1, Ps 108:11
r Nu 23:19
s Nu 14:29, Heb 3:17

Tweede kol.
a Nu 13:32
b 1Ko 10:10, Jud 5
c Nu 14:30, Nu 26:65, Nu 32:12, De 1:36, Jos 14:6
d Eks 33:4
e De 1:41
f Le 26:14, 2Kn 21:15, 2Kr 24:20
g Le 26:17, De 1:42, De 28:25
h Nu 13:29
i Jos 6:13, 2Kr 15:2
j De 1:43, Spr 21:24
k Nu 10:33
l De 1:44
m Nu 21:3

**15** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en ge-
sê: **2** “Praat met die kinders
van Israel, en jy moet vir hul-
le sê: ‘Wanneer julle uiteinde-
lik in die land van julle woon-
plekke kom, wat ek aan julle
gee,[a] **3** en julle ’n vuuroffer
aan Jehovah moet bring,[b] ’n
brandoffer[c] of ’n offerande om
’n spesiale gelofte te vervul, of
vrywillig,[d] of tydens julle sei-
soenfeeste,[e] ten einde ’n rus-
tige geur vir Jehovah te berei,[f]
uit die beeste of uit die klein-
vee; **4** dan moet die een wat
sy offer aanbied, vir Jehovah ’n
graanoffer van ’n tiende van ’n
efa fynmeel aanbied,[g] bevogtig
met ’n kwart hin olie. **5** En jy
moet ’n kwart hin wyn as ’n
drankoffer bring,[h] saam met die
brandoffer of vir die offerande
van elke ramlam. **6** Of vir ’n
ram moet jy ’n graanoffer van
twee tiendes fynmeel bring, be-
vogtig met ’n derde van ’n hin
olie. **7** En jy moet ’n derde
van ’n hin wyn as ’n drankoffer
aanbied, as ’n rustige geur vir
Jehovah.

**8** “ ‘Maar as jy ’n bul uit die
kudde as ’n brandoffer[i] of ’n
offerande bring om ’n spesia-
le gelofte[j] te vervul of as ge-
meenskapsoffers aan Jehovah,[k]
**9** dan moet jy saam met die
bul uit die kudde ’n graanoffer[l]
van drie tiendes fynmeel aan-
bied, bevogtig met ’n half hin
olie. **10** En jy moet ’n half hin
wyn as ’n drankoffer aanbied,[m]
as ’n vuuroffer van ’n rustige
geur aan Jehovah. **11** So moet
dit gedoen word vir elke bul of
vir elke ram of vir elkeen on-
der die ramlammers of onder
die bokke. **12** Ongeag die ge-
tal wat julle offer, julle moet so
doen vir elkeen volgens hulle
getal. **13** Elke boorling moet
hierdie dinge so offer wanneer
hy ’n vuuroffer van ’n rustige
geur vir Jehovah aanbied.[a]

**14** “ ‘En as daar ’n inwonen-
de vreemdeling as ’n vreemde-
ling by julle woon of iemand wat
reeds geslagte lank onder jul-
le is, en hy ’n vuuroffer van ’n
rustige geur aan Jehovah moet
bring, dan moet hy net so doen
soos julle moet doen.[b] **15** Jul-
le wat van die gemeente is en
die inwonende vreemdeling wat
as ’n vreemdeling woon, moet
een insetting hê.[c] Dit moet
’n insetting tot onbepaalde tyd
vir julle geslagte wees. Die in-
wonende vreemdeling moet net
soos julle voor Jehovah wees.[d]
**16** Daar moet een wet en een
regterlike beslissing vir julle en
vir die inwonende vreemdeling
wees wat as ’n vreemdeling by
julle woon.’ ”[e]

**17** En Jehovah het met Mo-
ses gepraat en gesê: **18** “Praat
met die kinders van Israel, en
jy moet vir hulle sê: ‘Wanneer
julle in die land kom waarheen
ek julle bring,[f] **19** moet jul-
le, wanneer julle van die brood
van die land eet,[g] ’n bydrae aan
Jehovah gee. **20** Julle moet ’n
bydrae van die eerstelinge[h] van
julle growwe meel as ringvor-
mige koeke gee. Soos die by-
drae van ’n dorsvloer, so moet
julle dit bydra. **21** ’n Deel van
die eerstelinge van julle grow-
we meel moet julle as ’n bydrae
aan Jehovah gee in al julle ge-
slagte.

**22** “ ‘En as julle ’n fout be-
gaan en nie al hierdie gebooie
uitvoer[i] wat Jehovah tot Mo-
ses gespreek het nie, **23** al-
les wat Jehovah julle deur mid-
del van Moses beveel het van
die dag af dat Jehovah dit be-
veel het en daarna, vir julle ge-
slagte, **24** dan moet die hele

**HFST. 15**
a Ge 15:18; De 7:1
b Le 1:2
c Le 1:3
d Le 7:16; Le 22:18; Le 22:21
e Le 23:4; Nu 28:16; Nu 29:1; De 16:13; De 16:16
f Ge 8:21; Le 1:9; Ef 5:2
g Eks 29:40; Le 2:1; Le 2:11
h Nu 28:7; Nu 28:14; 2Ti 4:6
i Le 1:3
j Le 7:16
k Le 3:1; Le 3:3; Le 7:11
l Le 6:14; Le 7:37; Nu 28:12; Nu 29:6; 1Kr 21:23
m Nu 28:14

**Tweede kol.**
a Ge 8:21; Le 1:9; Le 3:16; Ese 20:41
b Eks 12:49; Le 22:18; Le 24:22; Nu 9:14
c Nu 15:29
d Le 19:34; Le 20:2; Le 24:16; Ro 3:29
e Le 16:29; Le 17:15; Nu 15:14
f Le 23:10; De 7:1; De 26:1
g Jos 5:11; Jos 5:12
h Eks 23:19; Le 2:14; Nu 18:12; De 26:2; De 26:10; Ne 10:37; Spr 3:9
i Ps 19:12; Jak 4:17

vergadering, as dit ver van die
oë van die vergadering onop-
setlik gedoen is, een jong bul
bring as 'n brandoffer vir 'n
rustige geur aan Jehovah, en
die graanoffer en die drankof-
fer wat daarby behoort volgens
die gebruiklike prosedure,[a] en
een boklam as 'n sondoffer.[b]
**25** En die priester moet vir
die hele vergadering van die
kinders van Israel versoening
doen,[c] en dit sal hulle verge-
we word; want dit was 'n fout,[d]
en hulle het as hulle offer 'n
vuuroffer aan Jehovah gebring
en hulle sondoffer voor Jeho-
vah vir hulle fout. **26** En dit
sal die hele vergadering van
die kinders van Israel verge-
we word,[e] asook die inwonende
vreemdeling wat as 'n vreemde-
ling onder hulle woon, want dit
was 'n fout van die kant van die
hele volk.

**27** "'En as enige siel onop-
setlik sondig,[f] dan moet hy 'n
bokooi in haar eerste jaar as 'n
sondoffer aanbied.[g] **28** En die
priester moet versoening doen
vir die siel wat deur 'n son-
de onopsetlik 'n fout voor Je-
hovah begaan het, om daar-
voor versoening te doen, en
dit sal hom vergewe word.[h]
**29** Wat die boorling onder die
kinders van Israel betref en
die inwonende vreemdeling wat
as 'n vreemdeling onder hulle
woon, daar moet een wet vir jul-
le wees oor iets wat onopsetlik
gedoen word.[i]

**30** "'Maar die siel wat iets
moedswillig doen,[j] of hy 'n boor-
ling of 'n inwonende vreemde-
ling is, deur Jehovah te smaad,[k]
dié siel moet in daardie geval
uitgeroei word onder sy volk
uit.[l] **31** Omdat dit Jehovah se
woord is wat hy verag het[m] en
sy gebod is wat hy verbreek
het,[a] moet dié siel vir seker uit-
geroei word.[b] Sy oortreding is
op hom.'"[c]

**32** Terwyl die kinders van Is-
rael nog in die wildernis was,
het hulle eenkeer 'n man gekry
wat op die sabbatdag stukke
hout bymekaarmaak.[d] **33** Toe
het dié wat hom gekry het ter-
wyl hy die stukke hout byme-
kaarmaak, hom na Moses en
Aäron en die hele vergadering
gebring. **34** En hulle het hom
onder bewaking gestel,[e] omdat
daar nog nie duidelik verklaar
is wat met hom gedoen moes
word nie.

**35** Na 'n ruk het Jehovah vir
Moses gesê: "Die man moet vir
seker doodgemaak word;[f] die
hele vergadering moet hom bui-
te die kamp met klippe gooi."[g]
**36** Gevolglik het die hele ver-
gadering hom buite die kamp
uitgebring en hom met klippe
gegooi, sodat hy gesterf het, net
soos Jehovah Moses beveel het.

**37** En Jehovah het vir Moses
gesê: **38** "Praat met die kin-
ders van Israel, en jy moet vir
hulle sê dat hulle vir hulle frai-
ingrande aan die some van hul-
le klere moet maak, in al hulle
geslagte, en hulle moet 'n blou
toutjie bo die fraiingrand van
die soom aanbring:[h] **39** 'En
dit moet vir julle as 'n frai-
ingrand dien, en julle moet dit
sien en aan al die gebooie[i] van
Jehovah dink en dit uitvoer, en
julle mag nie julle hart en jul-
le oë volg,[j] wat julle in on-
sedelike gemeenskap volg nie.[k]
**40** Die bedoeling is dat julle aan
al my gebooie dink en dit beslis
uitvoer en inderdaad heilig sal
wees vir julle God.[l] **41** Ek is
Jehovah julle God, wat julle uit
Egipteland uitgelei het om te
bewys dat ek julle God is.[m] Ek
is Jehovah julle God.'"[n]

**HFST. 15**
a Nu 15:8, Nu 15:10
b Le 4:23, Nu 28:15, 2Kr 29:21, Esr 6:17, Esr 8:35
c Le 4:20, Heb 2:17, 1Jo 2:2
d Heb 10:17, Jak 4:17
e Eks 34:9, Le 16:30
f Ps 19:12, Han 17:30
g Le 4:28
h Le 4:35
i Eks 12:49, Le 24:22, Nu 9:14, Nu 15:15
j Eks 21:14, De 1:43, De 17:12, Heb 10:26
k Le 24:11, Jes 37:23
l Le 24:14
m Jes 30:12, 1Te 4:8

**Tweede kol.**
a Le 26:15
b Nu 14:18, Heb 10:28
c Le 5:1, Nu 27:3, Ese 18:20
d Eks 20:10, Eks 35:2, De 5:14
e Le 24:12
f Eks 31:14
g Le 24:14
h De 22:12, Mt 23:5, Lu 8:44
i De 11:18
j De 29:19, Rig 17:6, Job 31:7, Jer 9:14
k Eks 34:15, Ps 106:39, Jak 4:4
l Le 11:44, Ro 12:1, 1Pe 1:15
m Ge 17:8, Eks 29:45, Le 25:38
n Eks 3:15, Eks 6:2, Le 22:33

**16** En Korag,[a] die seun van Jishar,[b] die seun van Kehat,[c] die seun van Levi,[d] het opgestaan, saam met Datan[e] en Abi′ram,[f] die seuns van Eli′ab,[g] en On, die seun van Pelet, die seuns van Ruben.[h] **2** En hulle het voor Moses opgestaan, hulle en tweehonderd-en-vyftig man van die kinders van Israel, owerstes van die vergadering, manne wat uit die samekoms opgeroep was, manne van naam. **3** Toe het hulle teen Moses en Aäron bymekaargekom[i] en vir hulle gesê: “Dit is nou genoeg, want die hele vergadering, hulle almal, is heilig,[j] en Jehovah is in hulle midde.[k] Waarom moet julle julle dan bo die gemeente van Jehovah verhef?”[l]

**4** Toe Moses dit hoor, het hy onmiddellik op sy gesig geval. **5** Daarna het hy met Korag en met sy hele vergadering gepraat en gesê: “Môreoggend sal Jehovah bekend maak wie aan hom behoort[m] en wie heilig is[n] en wie nader moet kom na hom toe,[o] en wie hy ook al uitkies,[p] sal nader kom na hom toe. **6** Doen dít: Neem vir julle vuurbakke,[q] Korag en sy hele vergadering,[r] **7** en sit môre vuur daarin en plaas reukwerk daarop voor Jehovah, en die man wat Jehovah sal uitkies,[s] hy is die heilige. Dit is nou genoeg, kinders van Levi!”[t]

**8** En Moses het verder vir Korag gesê: “Luister asseblief, kinders van Levi. **9** Is dit vir julle so ’n kleinigheid dat die God van Israel julle uit die vergadering van Israel afgesonder het[u] om julle te laat nader kom na hom toe, ten einde die diens van Jehovah se tabernakel te verrig en voor die vergadering te staan om hulle te dien,[v] **10** en dat hy jou en al jou broers, die kinders van Levi, saam met jou laat nader kom? Moet julle dan ook nog die priesterskap probeer verkry?[a] **11** Daarom is jy en jou hele vergadering wat bymekaarkom, teen Jehovah.[b] Wat Aäron betref, wat is hy dat julle teen hom sou murmureer?”[c]

**12** Later het Moses gestuur om Datan en Abi′ram,[d] die seuns van Eli′ab, te laat roep, maar hulle het gesê: “Ons sal nie opkom nie![e] **13** Is dit so ’n kleinigheid dat jy ons uit ’n land wat oorloop van melk en heuning laat optrek het om ons in die wildernis te laat sterf,[f] dat jy ook tot die uiterste die vors oor ons probeer speel?[g] **14** Soos sake staan, het jy ons nie in ’n land ingebring wat oorloop van melk en heuning,[h] om aan ons lande en wingerde as erfdeel te gee nie. Wil jy die oë van dié manne uitsteek? Ons sal nie opkom nie!”

**15** Hierop het Moses baie kwaad geword en vir Jehovah gesê: “Moenie u aangesig tot hulle graanoffer wend nie.[i] Nie een esel het ek van hulle weggeneem nie, en ook het ek nie een van hulle kwaad aangedoen nie.”[j]

**16** Toe het Moses vir Korag[k] gesê: “Jy en jou hele vergadering, wees môre voor Jehovah teenwoordig,[l] jy en hulle en Aäron. **17** En neem elkeen sy vuurbak, en julle moet reukwerk daarop plaas en elkeen sy vuurbak voor Jehovah aanbied, tweehonderd-en-vyftig vuurbakke, en jy en Aäron elkeen sy vuurbak.” **18** Toe het hulle elkeen sy vuurbak geneem en vuur daarop gesit en reukwerk daarop geplaas en by die ingang van die tent van samekoms saam met Moses en Aäron gaan staan. **19** Toe Korag die hele

**HFST. 16**
a Nu 26:9, Nu 27:3, Jud 11
b Eks 6:21, Nu 3:19
c Eks 6:18
d Eks 6:16, Nu 3:17
e Nu 26:9
f De 11:6
g Nu 26:8
h Ge 46:8, 1Kr 5:1
i Nu 12:1, Nu 14:2, 1Sa 15:23, Ps 106:16
j Eks 19:6
k Eks 29:45, Nu 14:14
l Nu 12:2
m 2Ti 2:19
n Le 21:6
o Eks 28:43, Le 10:3
p Eks 28:1, Nu 17:5, 1Sa 2:28, Ps 105:26
q Le 10:1, Nu 16:38
r Nu 16:2
s Nu 3:10
t Nu 16:1
u Nu 3:9, Nu 3:41
v Nu 1:53, Nu 3:6, Nu 4:4, De 10:8

**Tweede kol.**
a Spr 13:10, Flp 2:3
b Lu 10:16
c Eks 16:8, Ps 106:16
d Nu 16:1
e 1Sa 15:23, Jud 8
f Eks 16:3, Nu 14:29
g Eks 22:28, Han 7:35
h Eks 3:8, Le 20:24
i Ge 4:5
j 1Sa 12:3, Han 20:33, 2Ko 7:2, 1Pe 3:16
k Nu 16:6
l 1Sa 12:7

vergadering[a] teen hulle byme-
kaargebring het by die ingang
van die tent van samekoms, het
Jehovah se heerlikheid aan die
hele vergadering verskyn.[b]
**20** Jehovah het toe met Mo-
ses en Aäron gepraat en gesê:
**21** "Skei julle af[c] van hierdie
vergadering, sodat ek hulle in 'n
oomblik kan uitroei."[d] **22** Toe
het hulle op hulle gesig geval en
gesê: "O God, die God van die
geeste van elke soort vlees,[e] sal
net een man sondig en u veront-
waardig raak teenoor die hele
vergadering?"[f]
**23** En Jehovah het met Mo-
ses gepraat en gesê: **24** "Praat
met die vergadering en sê:
'Maak dat julle wegkom rond-
om die wonings van Korag, Da-
tan en Abi'ram!' "[g]
**25** Daarna het Moses opge-
staan en na Datan en Abi'ram
toe gegaan, en die ouer manne[h]
van Israel het saam met hom
gegaan. **26** Toe het hy met die
vergadering gepraat en gesê:
"Gee asseblief pad voor die ten-
te van hierdie goddelose man-
ne en moenie aan enigiets raak
wat aan hulle behoort nie,[i] so-
dat julle nie in al hulle sondes
weggevee word nie." **27** On-
middellik het hulle gemaak dat
hulle wegkom rondom die wo-
ning van Korag, Datan en Abi'-
ram, en Datan en Abi'ram het
uitgekom en by die ingang van
hulle tente gaan staan,[j] saam
met hulle vrouens en hulle
seuns en hulle kindertjies.
**28** Toe het Moses gesê: "Hier-
aan sal julle weet dat Jehovah
my gestuur het om al hierdie
dade te doen,[k] dat dit nie uit
my eie hart is nie:[l] **29** As hier-
die mense volgens die dood van
alle mense sterf en hulle met
die straf van alle mense ge-
straf word,[m] dan is dit nie Je-
hovah wat my gestuur het nie.[n]
**30** Maar as Jehovah iets nuuts
skep[a] en die grond sy mond oop-
maak en hulle verswelg[b] met al-
les wat aan hulle behoort en
hulle lewend in Sjeool afdaal,[c]
dan sal julle vir seker weet
dat hierdie manne Jehovah met
minagting bejeën het."[d]
**31** En net toe hy al hierdie
woorde klaar gespreek het, het
die grond wat onder hulle was,
begin oopskeur.[e] **32** En die
aarde het sy mond oopgemaak
en hulle en hulle huisgesinne en
al die mense wat aan Korag be-
hoort het en al die goed ver-
swelg.[f] **33** So het hulle, en al-
les wat aan hulle behoort het,
lewend in Sjeool afgedaal, en
die aarde het hulle bedek,[g] so-
dat hulle uit die midde van
die gemeente vergaan het.[h]
**34** En al die Israeliete wat rond-
om hulle was, het gevlug vir
hulle geskreeu, want hulle het
begin sê: "Ons is bang dat die
aarde ons miskien verswelg!"[i]
**35** En 'n vuur het van Jehovah
af uitgegaan[j] en die tweehon-
derd-en-vyftig man verteer wat
die reukwerk geoffer het.[k]
**36** Jehovah het toe met Mo-
ses gepraat en gesê: **37** "Sê
vir Elea'sar, die seun van die
priester Aäron, dat hy die vuur-
bakke[l] uit die brand moet op-
neem, 'En strooi die vuur
daar oorkant; want dit is hei-
lig, **38** ja, die vuurbakke van
dié wat teen hulle eie siel ge-
sondig het.[m] En hulle moet dun
metaalplate daarvan maak as 'n
oortreksel vir die altaar,[n] want
hulle het dit voor Jehovah aan-
gebied, sodat dit heilig geword
het; en dit moet vir die kinders
van Israel as 'n teken dien.' "[o]
**39** Toe het die priester Elea'sar
die kopervuurbakke geneem,[p]
wat dié wat verbrand is, aan-
gebied het, en hulle het dit
plat geslaan as 'n oortreksel

**HFST. 16**
a Nu 16:2, Nu 16:40
b Nu 12:5, Nu 14:10
c Ge 19:15, Op 18:4
d Nu 3:10, Nu 3:38, Nu 16:45, Ps 73:19
e Nu 27:16, Job 12:10, Pr 3:19, Pr 12:7, Sag 12:1
f Ge 18:23, 2Sa 24:17
g Nu 16:1
h Nu 11:16
i Eks 23:2
j Job 9:4, Spr 16:18, Spr 18:12
k Eks 3:12, De 18:22, Joh 5:36
l Eks 7:2, Eks 25:22, De 18:18, Joh 5:30
m Pr 3:19, Pr 9:5, Ese 18:4, Ro 5:12
n De 18:21

**Tweede kol.**
a Jes 45:7
b Job 31:3
c Ps 55:15, Spr 1:12
d Ps 74:18, Ps 107:11
e Nu 26:10, De 11:6, Ps 106:17
f Nu 26:11, 1Kr 6:31, 1Kr 6:37
g Ps 55:23
h Jud 11
i Nu 17:13
j Le 10:2, Nu 11:1
k Nu 16:17, Nu 26:10, Ps 106:18
l Nu 16:6
m 1Kn 2:23, Spr 8:36
n Eks 38:1
o Nu 16:5, Nu 17:10, Nu 26:10, 1Ti 5:20
p Nu 16:6

vir die altaar, **40** as ’n gedag-
tenis vir die kinders van Israel,
sodat geen vreemde[a] man, wat
nie uit die nageslag van Aäron
is nie, nader sou kom om reuk-
werk voor Jehovah te laat rook
nie,[b] en sodat niemand soos Ko-
rag en sy vergadering sou word
nie,[c] net soos Jehovah vir hom
deur middel van Moses gesê het.

**41** En die volgende dag het
die hele vergadering van die
kinders van Israel teen Moses
en Aäron begin murmureer[d] en
gesê: “Julle, julle het Jehovah se
volk doodgemaak.” **42** En toe
die vergadering teen Moses en
Aäron bymekaargekom het, het
hulle hulle na die tent van same-
koms gedraai; en kyk! die wolk
het dit bedek, en Jehovah se
heerlikheid het begin verskyn.[e]

**43** En Moses en Aäron het
tot voor die tent van same-
koms gekom.[f] **44** Toe het Je-
hovah met Moses gepraat en ge-
sê: **45** “STAAN OP uit die midde
van hierdie vergadering, sodat
ek hulle in ’n oomblik kan uit-
roei.”[g] Hierop het hulle op hul-
le gesig geval.[h] **46** Daarna het
Moses vir Aäron gesê: “Neem
die vuurbak en sit vuur van
die altaar daarin[i] en plaas reuk-
werk daarop en gaan gou na
die vergadering toe en doen ver-
soening vir hulle,[j] want veront-
waardiging het van die aange-
sig van Jehovah uitgegaan.[k] Die
plaag het begin!” **47** Aäron
het dit dadelik geneem, net
soos Moses gesê het, en tus-
sen die gemeente in gehard-
loop; en kyk! die plaag het on-
der die volk begin. Toe het hy
die reukwerk daarop geplaas
en vir die volk versoening be-
gin doen. **48** En hy het tus-
sen die dooies en die lewen-
des bly staan.[l] Uiteindelik is die
plaag gestuit.[m] **49** En dié wat
deur die plaag gesterf het, was
veertienduisend-sewehonderd,
benewens dié wat weens Korag
gesterf het. **50** Toe Aäron uit-
eindelik na Moses by die ingang
van die tent van samekoms te-
rugkeer, was die plaag gestuit.

**17** Jehovah het toe met Mo-
ses gepraat en gesê:
**2** “Praat met die kinders van Is-
rael en neem van hulle vir elke
vaderhuis een staf[a] van al hulle
owerstes,[b] volgens die huis van
hulle vaders, twaalf stawwe. Jy
moet die naam van elkeen op
sy staf skryf. **3** En Aäron se
naam moet jy op Levi se staf
skryf, want daar is een staf vir
die hoof van die huis van hulle
vaders. **4** En jy moet hulle in
die tent van samekoms voor die
Getuienis[c] neersit, waar ek my
gereeld voor julle stel.[d] **5** En
die man wat ek sal uitkies,[e] sy
staf sal bot, en ek sal beslis die
murmureringe[f] van die kinders
van Israel teen my, wat hulle
teen julle murmureer,[g] laat stil
word.”

**6** Toe het Moses met die kin-
ders van Israel gepraat, en al
hulle owerstes het vir hom ’n
staf vir elke owerste gegee, ’n
staf vir elke owerste volgens
die huis van hulle vaders, twaalf
stawwe;[h] en Aäron se staf was
tussen hulle stawwe.[i] **7** Daar-
na het Moses die stawwe voor
Jehovah in die tent van die Ge-
tuienis[j] neergesit.

**8** En die volgende dag toe
Moses in die tent van die Ge-
tuienis ingaan, kyk! daar het
Aäron se staf vir die huis van
Levi gebot, en dit het knoppe
en bloeisels voortgebring en ryp
amandels gedra. **9** Moses het
toe al die stawwe wat voor Jeho-
vah was, na al die kinders van
Israel uitgebring, en hulle het
gekyk en elke man sy staf ge-
neem.

**HFST. 16**
a Nu 3:10, Nu 18:7, 2Kr 26:18
b 2Kr 26:16
c Ps 106:17, Jud 11
d Nu 14:2, Ps 106:13, 2Pe 2:10
e Eks 16:7, Nu 14:10, Nu 16:19
f Nu 20:6
g Eks 23:21, Nu 16:21, 1Ko 10:10
h Nu 16:22
i Le 6:12
j Eks 34:9, Nu 8:19
k Le 10:6, Nu 1:53, Nu 18:5, 1Kr 27:24
l 2Sa 24:16
m Eks 23:21, Nu 25:8

**Tweede kol.**

**HFST. 17**
a Eks 4:2
b Nu 1:4, Nu 1:16
c Eks 34:29
d Eks 25:22, Eks 29:42, Eks 30:36, Le 16:2
e Nu 16:5, Lu 9:35
f Nu 11:1, Nu 14:27, Nu 16:11, Nu 16:41, 1Ko 10:10
g Nu 14:2, Nu 16:13
h Nu 17:2
i Nu 17:3
j Eks 38:21, Nu 17:4, Nu 18:2

**10** Daarna het Jehovah vir
Moses gesê: “Sit Aäron se staf[a]
terug voor die Getuienis as iets
wat bewaar moet word as ’n te-
ken[b] vir die kinders van opstan-
digheid,[c] sodat hulle murmure-
ringe teen my kan ophou, dat
hulle nie sterf nie.” **11** Dade-
lik het Moses gedoen net soos
Jehovah hom beveel het. Hy het
net so gedoen.

**12** En die kinders van Israel
het vir Moses begin sê: “Nou sal
ons sekerlik sterf, ons sal seker-
lik vergaan, ons almal sal seker-
lik vergaan.[d] **13** Elkeen wat
nader kom,[e] wat naby Jehovah
se tabernakel kom, sal sterf![f]
Moet die uiteinde vir ons dan
wees dat ons so sterf?”[g]

**18** En Jehovah het vir
Aäron gesê: “Jy en jou
seuns en die huis van jou va-
der saam met jou sal verant-
woording doen vir ’n oortreding
teen die heiligdom,[h] en jy en
jou seuns saam met jou sal ver-
antwoording doen vir ’n oor-
treding teen julle priesterskap.[i]
**2** En laat ook jou broers van die
stam Levi, die stamgroep van
jou vader, saam met jou nader
kom, sodat hulle by jou kan aan-
sluit en jou kan dien,[j] jou so-
wel as jou seuns saam met jou,
voor die tent van die Getuie-
nis.[k] **3** En hulle moet hulle
verpligting teenoor jou en hulle
verpligting ten opsigte van die
hele tent nakom.[l] Maar naby die
voorwerpe van die heiligdom en
die altaar mag hulle nie kom
nie, sodat hulle nie sterf nie,[m]
nie hulle of julle nie. **4** En hul-
le moet by jou aansluit en hul-
le verpligting ten opsigte van
die tent van samekoms nakom
wat al die dienswerk van die
tent betref, en geen vreemde-
ling mag nader kom na julle toe
nie.[n] **5** En julle moet julle ver-
pligting ten opsigte van die hei-
ligdom[a] en julle verpligting ten
opsigte van die altaar nakom,[b]
sodat daar verder geen veront-
waardiging[c] oor die kinders van
Israel kom nie. **6** En ek, kyk!
ek het julle broers, die Leviete,
onder die kinders van Israel uit
geneem[d] as ’n geskenk vir jul-
le,[e] as gegewenes aan Jehovah
om die diens van die tent van
samekoms te verrig.[f] **7** En jy
en jou seuns saam met jou moet
julle priesterskap bewaar met
betrekking tot alles wat met die
altaar verband hou en wat bin-
ne die voorhangsel is;[g] en julle
moet diens verrig.[h] As ’n diens
wat ’n geskenk is, sal ek julle
priesterskap gee, en die vreem-
deling wat nader kom, moet
doodgemaak word.”[i]

**8** En Jehovah het verder met
Aäron gepraat: “Kyk! Ek het
die sorg van die bydraes wat
aan my gegee word, aan jou op-
gedra.[j] Van al die heilige dinge
van die kinders van Israel het
ek dit aan jou en aan jou seuns
as ’n aandeel gegee, as ’n toege-
wese deel tot onbepaalde tyd.[k]
**9** Uit die hoogheilige dinge, uit
die vuuroffer, moet dít joune
word: al hulle offers saam met
al hulle graanoffers[l] en al hul-
le sondoffers[m] en al hulle skuld-
offers,[n] wat hulle aan my sal te-
ruggee. Dit is iets hoogheiligs
vir jou en vir jou seuns. **10** In
’n hoogheilige plek moet jy dit
eet.[o] Almal wat manlik is, moet
dit eet.[p] Dit moet iets heiligs vir
jou word.[q] **11** En dít behoort
aan jou: die bydrae[r] van hulle
gawe saam met al die beweegof-
fers[s] van die kinders van Israel.
Ek het dit aan jou en jou seuns
en jou dogters saam met jou ge-
gee,[t] as ’n toegewese deel tot
onbepaalde tyd. Elkeen in jou
huis wat rein is, mag dit eet.[u]

**HFST. 17**
a Heb 9:4
b Nu 16:38
c Nu 20:10; De 9:7; De 31:27; Jes 1:2
d Ps 90:7
e Nu 1:51; Nu 18:4
f Nu 18:7
g Nu 16:26; Nu 16:41; Nu 16:49

**HFST. 18**
h Eks 25:8; Le 21:12
i Eks 28:38; Le 22:9; Nu 18:23; Heb 5:2
j Nu 3:6; Nu 8:22; Nu 16:9
k Nu 1:53
l Nu 3:25; Nu 3:31; Nu 3:36
m Nu 4:15; Nu 4:20; Nu 16:40
n Nu 1:51; Nu 3:10

**Tweede kol.**
a Eks 27:21; Eks 30:7; Le 24:3; Nu 3:32
b Le 1:17; Le 21:17
c Nu 16:46
d Nu 3:12; Nu 3:45
e Nu 3:9; Nu 8:16
f Nu 8:19
g Le 16:2; Le 16:12; Heb 9:3; Heb 9:7
h 1Sa 2:28; Heb 5:4
i Nu 3:10; Nu 16:40
j Eks 23:19; Le 27:28; Le 27:30; Nu 18:11; Nu 18:26
k Le 7:34; Nu 5:9
l Le 2:3; Le 6:16; Le 10:12
m Le 5:12; Le 6:26; Le 6:29
n Le 5:6; Le 7:1; Le 7:7
o Eks 29:32; Le 6:16; Le 10:13
p Le 6:18; Le 7:6
q Le 14:13; Le 21:22

r Eks 29:27; Nu 15:20; Ese 44:30; s Eks 29:27; Le 7:34; t Le 10:14; De 18:3; u Le 22:6.

**12** “Al die beste van die olie
en al die beste van die nuwe
wyn en die graan, die eerste-
linge daarvan,[a] wat hulle aan
Jehovah sal gee, dit het ek aan
jou gegee.[b] **13** Die eerste ryp
vrugte van alles wat op hulle
land is, wat hulle vir Jehovah
sal bring, moet joune word.[c]
Elkeen in jou huis wat rein is,
mag dit eet.

**14** “Alles in Israel wat gewy
is, moet joune word.[d]

**15** “Alles wat die moeder-
skoot open,[e] van elke soort
vlees, wat hulle vir Jehovah
sal aanbied, onder die mense
en onder die diere, kom jou toe.
Jy moet egter die eersgebore-
ne van die mense vir seker los-
koop;[f] en die eersgeborene van
die onrein diere moet jy los-
koop.[g] **16** En met ’n loskoop-
prys daarvoor moet jy dit vanaf
’n maand oud loskoop, volgens
die geskatte waarde, vyf sik-
kels silwer volgens die sikkel
van die heiligdom.[h] Dit is twin-
tig gera.[i] **17** Maar die eersge-
bore bul of die eersgebore ram-
lam of die eersgebore bok moet
jy nie loskoop nie.[j] Hulle is iets
heiligs. Hulle bloed[k] moet jy op
die altaar sprinkel, en hulle vet
moet jy laat rook as ’n vuurof-
fer vir ’n rustige geur aan Jeho-
vah.[l] **18** En hulle vleis moet
joune word. Soos die bors van
die beweegoffer en soos die reg-
terboud moet dit joune word.[m]
**19** Al die heilige bydraes,[n] wat
die kinders van Israel aan Jeho-
vah sal bydra, het ek aan jou en
jou seuns en jou dogters saam
met jou gegee, as ’n toegewese
deel tot onbepaalde tyd.[o] Dit is
’n soutverbond tot onbepaalde
tyd voor Jehovah, vir jou en jou
nageslag saam met jou.”[p]

**20** En Jehovah het verder vir
Aäron gesê: “In hulle land sal
jy nie ’n erfdeel hê nie, en geen
deel onder hulle sal joune word
nie.[a] Ek is jou deel en jou erf-
deel onder die kinders van Is-
rael.[b]

**21** “En kyk! aan die kinders
van Levi het ek al die tien-
des[c] in Israel as ’n erfdeel ge-
gee as beloning vir hulle diens
wat hulle verrig, die diens van
die tent van samekoms. **22** En
die kinders van Israel moet nie
meer nader kom na die tent
van samekoms en daardeur son-
de op hulle laai sodat hulle sterf
nie.[d] **23** En die Leviete moet
die diens van die tent van same-
koms verrig, en húlle moet ver-
antwoording doen vir hulle oor-
treding.[e] Dit is ’n insetting tot
onbepaalde tyd in julle geslagte
dat hulle geen erfdeel onder die
kinders van Israel in besit moet
kry nie.[f] **24** Want die tiende
van die kinders van Israel, wat
hulle as ’n bydrae aan Jehovah
sal bydra, het ek aan die Le-
viete as ’n erfdeel gegee. Daar-
om het ek vir hulle gesê: ‘Hul-
le moet geen erfdeel onder die
kinders van Israel in besit kry
nie.’ ”[g]

**25** Toe het Jehovah met Mo-
ses gepraat en gesê: **26** “En jy
moet met die Leviete praat, en
jy moet vir hulle sê: ‘Julle sal
van die kinders van Israel die
tiende ontvang wat ek aan jul-
le van hulle as julle erfdeel ge-
gee het,[h] en julle moet daar-
van as ’n bydrae aan Jehovah
’n tiende van die tiende bydra.[i]
**27** En dit moet julle as julle
bydrae toegereken word, soos
die graan van die dorsvloer[j] en
soos die volle opbrengs van die
wyn- of oliepers. **28** So moet
julle ook ’n bydrae aan Jeho-
vah uit al julle tiendes bydra
wat julle van die kinders van
Israel sal ontvang, en daarvan
moet julle die bydrae aan Je-
hovah vir die priester Aäron

**HFST. 18**

a Spr 3:9
b Le 2:14; De 18:4; Ne 10:35
c Eks 23:19
d Le 27:21; Le 27:28
e Eks 13:2; Le 27:26; Nu 3:13; Lu 2:23
f Eks 13:13
g Eks 34:20; Le 27:27
h Le 27:2; Le 27:6
i Eks 30:13; Le 27:25
j Eks 22:30; De 15:19
k Le 17:11
l Le 3:16
m Eks 29:26; Le 7:31; Le 7:34
n Eks 23:19; Nu 15:19; Nu 18:11; Nu 18:26; Nu 31:29
o Nu 18:8; 2Kr 31:4
p Le 2:13; 2Kr 13:5

**Tweede kol.**

a Nu 26:62; De 10:9; De 12:12; De 14:27; Jos 14:3
b De 18:2; Jos 13:14; Jos 18:7; Ese 44:28
c Le 27:30; 2Kr 31:5; Ne 10:37; Ne 12:44; Ne 13:12; Ga 6:6; Heb 7:5
d Nu 16:40; Nu 17:13
e Nu 3:7; Nu 18:1
f Jos 13:33
g De 10:9
h Nu 18:21; De 12:19
i Ne 10:38; Heb 7:9
j Nu 15:20

gee. **29** Van alles wat aan jul-
le geskenk word, moet julle elke
soort bydrae aan Jehovah by-
dra, van die allerbeste daar-
van,[a] as iets heiligs daarvan.'

**30** "En jy moet vir hulle sê:
'Wanneer julle die beste daar-
van bydra,[b] dan sal dit die Le-
viete beslis toegereken word as
die opbrengs van die dorsvloer
en as die opbrengs van die wyn-
of oliepers. **31** En julle moet
dit op elke plek eet, julle en julle
huisgesin, want dit is julle loon
as beloning vir julle diens in die
tent van samekoms.[c] **32** En
julle moet geen sonde daarvoor
op julle laai nie, deur die beste
daarvan by te dra, en julle moet
die heilige dinge van die kin-
ders van Israel nie ontheilig nie,
sodat julle nie sterf nie.' "[d]

**19** En Jehovah het met Mo-
ses en Aäron gepraat en
gesê: **2** "Dít is 'n wetsinset-
ting wat Jehovah beveel het
deur te sê: 'Spreek met die kin-
ders van Israel dat hulle vir
jou 'n rooi koei sonder gebrek[e]
moet bring, waaraan geen lig-
gaamsgebrek is nie en waarop
geen juk gekom het nie.[f] **3** En
julle moet dit vir die pries-
ter Elea′sar gee, en hy moet
dit buite die kamp uitlei, en
dit moet voor hom geslag word.
**4** Dan moet die priester Elea′-
sar van die bloed daarvan met
sy vinger neem en van die bloed
sewe keer in die rigting van die
voorkant van die tent van sa-
mekoms spat.[g] **5** En die koei
moet voor sy oë verbrand word.
Die vel en die vleis en die bloed
daarvan, saam met die mis,
moet verbrand word.[h] **6** En
die priester moet sederhout[i] en
hisop[j] en karmosynrooi[k] stof
neem en dit op die brandende
koei gooi. **7** En die priester
moet sy klere was en sy vlees in
water bad, en daarna mag hy in
die kamp inkom; maar die pries-
ter sal tot die aand toe onrein
wees.

**8** " 'En die een wat dit ver-
brand het, moet sy klere in wa-
ter was en sy vlees in water
bad,[a] en hy sal tot die aand toe
onrein wees.

**9** " 'En 'n rein man moet die
as[b] van die koei bymekaarmaak
en dit buite die kamp op 'n rein
plek neersit; en dit moet vir
die vergadering van die kinders
van Israel dien as iets wat be-
waar moet word vir die reini-
gingswater.[c] Dit is 'n sondoffer.
**10** En die een wat die as van
die koei bymekaarmaak, moet
sy klere was en sal tot die aand
toe onrein wees.[d]

" 'En dit moet vir die kinders
van Israel en die inwonende
vreemdeling wat as 'n vreemde-
ling onder hulle woon, dien
as 'n insetting tot onbepaalde
tyd.[e] **11** Wie aan die lyk van
enige mensesiel raak,[f] sal dan
sewe dae onrein wees.[g] **12** So
iemand moet hom op die derde
dag daarmee reinig,[h] en op die
sewende dag sal hy rein wees.
Maar as hy hom nie op die der-
de dag reinig nie, dan sal hy nie
op die sewende dag rein wees
nie. **13** Elkeen wat aan 'n lyk,
die siel van enige mens wat ge-
sterf het, raak en wat hom nie
reinig nie, het Jehovah se taber-
nakel verontreinig,[i] en dié siel
moet uit Israel uitgeroei word.[j]
Omdat die reinigingswater[k] nie
op hom gesprinkel is nie, bly hy
onrein. Sy onreinheid is nog op
hom.[l]

**14** " 'Dít is die wet as 'n mens
in 'n tent sterf: Elkeen wat in
die tent inkom, en elkeen wat
in die tent is, sal sewe dae
onrein wees. **15** En elke oop
houer[m] waarop daar geen dek-
sel vasgebind is nie, is onrein.

**HFST. 18**
a Nu 18:12
b Spr 3:9
c Mt 10:10, Lu 10:7, 1Ko 9:9, 1Ko 9:13, Ga 6:6, 1Ti 5:18
d Le 22:2, Le 22:15

**HFST. 19**
e Le 22:20, Mal 1:14, 1Pe 2:22
f De 21:3
g Heb 9:13, 1Pe 1:2
h Eks 29:14, Le 4:11
i Le 14:4, Le 14:49
j Ps 51:7
k Jes 1:18

**Tweede kol.**
a Le 16:28
b Heb 9:13
c Nu 19:13, Nu 19:21, Nu 31:23
d Nu 19:8
e Eks 12:49, Le 24:22, Nu 15:15
f Le 21:1, Le 21:11, Nu 5:2, Nu 6:9, Nu 9:6
g Nu 31:19, Hag 2:13
h Nu 31:19
i Le 15:31
j Heb 2:2, Heb 10:28
k Nu 19:9, Nu 31:23
l Le 22:3
m Le 11:32

**16** En elkeen wat in die oop
veld aan iemand raak wat met
die swaard omgebring is,[a] of aan
’n lyk of ’n mensbeen[b] of ’n
graf, sal sewe dae onrein wees.
**17** En vir die onreine moet hul-
le van die stof neem van die
sondoffer wat verbrand is en
in ’n houer lopende water daar-
op gooi. **18** Dan moet ’n rein
man[c] hisop[d] neem en dit in die
water doop en daarmee op die
tent spat en op al die houers
en die siele wat daar was en op
hom wat aan die been of aan die
een wat omgebring is of die lyk
of die graf geraak het. **19** En
die rein persoon moet daarmee
op die derde dag en op die se-
wende dag op die onreine spat
en moet hom op die sewende
dag van sonde reinig;[e] en hy
moet sy klere was en in water
bad, en hy sal in die aand rein
wees.

**20** “ ‘Maar die mens wat on-
rein is en wat hom nie reinig
nie, wel, dié siel moet uitge-
roei word[f] onder die gemeen-
te uit, want hy het Jehovah se
heiligdom verontreinig. Die rei-
nigingswater is nie op hom ge-
sprinkel nie. Hy is onrein.

**21** “ ‘En dit moet vir hulle as
’n insetting tot onbepaalde tyd
dien, dat die een wat die reini-
gingswater spat, sy klere moet
was,[g] asook die een wat aan
die reinigingswater raak. Hy sal
tot die aand toe onrein wees.
**22** En alles waaraan die onrei-
ne raak, sal onrein wees,[h] en die
siel wat daaraan raak, sal tot
die aand toe onrein wees.’ ”[i]

**20** En die kinders van Is-
rael, die hele vergade-
ring, het in die eerste maand in
die wildernis Zin[j] gekom, en die
volk het in Kades[k] gebly. Daar
het Mirjam[l] gesterf en daar is sy
begrawe.

**2** En daar was geen water vir
die vergadering nie,[a] en hulle
het teen Moses en Aäron begin
bymekaarkom.[b] **3** En die volk
het met Moses rusie gemaak[c] en
gesê: “As ons maar gesterf het
toe ons broers voor Jehovah ge-
sterf het![d] **4** En waarom het
julle Jehovah se gemeente na
hierdie wildernis gebring om
ons en ons pakdiere hier te laat
sterf?[e] **5** En waarom het julle
ons uit Egipte uitgelei om ons
na hierdie bose plek te bring?[f]
Dit is geen plek van saad en
vye en wingerdstokke en grana-
te nie,[g] en daar is geen water om
te drink nie.” **6** Toe het Mo-
ses en Aäron van die gemeen-
te af weggegaan na die ingang
van die tent van samekoms en
op hulle gesig geval,[h] en Jeho-
vah se heerlikheid het aan hulle
begin verskyn.[i]

**7** Toe het Jehovah met Moses
gepraat en gesê: **8** “Neem die
staf[j] en roep die vergadering by-
mekaar, jy en jou broer Aäron,
en julle moet voor hulle oë met
die groot rots praat sodat hy in-
derdaad sy water kan gee; en
jy moet vir hulle water uit die
groot rots laat kom en die ver-
gadering en hulle pakdiere laat
drink.”[k]

**9** Toe het Moses die staf voor
Jehovah weggeneem,[l] net soos
hy hom beveel het. **10** Daarna
het Moses en Aäron die gemeen-
te voor die groot rots byme-
kaargeroep, en hy het vir hulle
gesê: “Hoor nou, julle opstandi-
ges![m] Sal ons vir julle water uit
hierdie groot rots laat kom?”[n]
**11** Daarop het Moses sy hand
opgehef en die groot rots twee
keer met sy staf geslaan; en
baie water het begin uitkom, en
die vergadering en hulle pak-
diere het begin drink.[o]

**12** Later het Jehovah vir Mo-
ses en Aäron gesê: “Omdat julle

**HFST. 19**
a Nu 31:19
b Nu 19:11
c Nu 19:9
d Ps 51:7
e Le 14:9, Nu 19:12, Nu 31:19
f Ge 17:14, Nu 19:13
g Nu 19:18, Heb 9:10, Heb 9:13
h Hag 2:13
i Le 15:5

**HFST. 20**
j Nu 13:21, Nu 33:36
k Nu 13:26, Nu 20:22, De 1:46, De 2:14, Rig 11:16
l Eks 15:20, Nu 26:59, Mi 6:4

**Tweede kol.**
a Eks 17:1
b Nu 16:42
c Eks 17:2
d Nu 16:35, Nu 16:41, Nu 16:49
e Eks 14:11, Eks 17:3, Nu 16:13, Nu 21:5
f Nu 16:14, De 8:15, Ne 9:21
g Eks 3:17, Eks 13:5, De 8:8, Jer 2:2
h Nu 14:5
i Eks 16:10, Nu 14:10
j Eks 17:5
k Ne 9:15, Ps 78:15, Ps 105:41, Ps 114:8, Jes 43:20, Jes 48:21
l Eks 7:12, Eks 7:19, Nu 17:10, Heb 9:4
m De 9:24, Ps 106:32
n Ps 106:33
o Eks 17:6, De 8:15, 1Ko 10:4

nie geloof in my getoon het om
my voor die oë van die kinders
van Israel te heilig nie,[a] daarom
sal julle hierdie gemeente nie in
die land inbring wat ek beslis
aan hulle sal gee nie.”[b] **13** Dit
is die waters van Me′riba,[c] om-
dat die kinders van Israel met
Jehovah rusie gemaak het, so-
dat hy onder hulle geheilig is.

**14** Daarna het Moses bood-
skappers uit Kades na die ko-
ning van Edom[d] gestuur: “Só
het u broer Israel[e] gesê: ‘U
is deeglik bewus van al die
teëspoed wat ons oorval het.[f]
**15** En ons vaders het na Egip-
te afgetrek,[g] en ons het
baie dae in Egipte gewoon;[h]
en die Egiptenaars het ons en
ons vaders kwaad begin aan-
doen.[i] **16** Uiteindelik het ons
tot Jehovah geroep,[j] en hy het
ons stem gehoor en ’n engel ge-
stuur[k] en ons uit Egipte uitge-
lei; en hier is ons in Kades, ’n
stad aan die rand van u gebied.
**17** Laat ons asseblief deur u
land trek. Ons sal nie deur lan-
de of wingerde trek nie, en ons
sal nie water uit putte drink
nie. Op die koningsweg sal ons
trek.[l] Ons sal nie regs of links
afdraai nie,[m] totdat ons deur u
gebied getrek het.’ ”

**18** Edom het egter vir hom
gesê: “Jy mag nie deur my trek
nie, sodat ek jou nie met
die swaard tegemoettrek nie.”
**19** Hierop het die kinders van
Israel vir hom gesê: “Met die
grootpad sal ons optrek; en as
ek en my vee van u water drink,
dan sal ek beslis die waarde
daarvan gee.[n] Ek wil niks an-
ders hê as om te voet deur te
trek nie.”[o] **20** Nogtans het hy
gesê: “Jy mag nie deurtrek
nie.”[p] Daarop het Edom[q] hom
tegemoetgetrek met baie man-
skappe en ’n sterk hand.
**21** So het Edom geweier om Is-
rael deur sy gebied te laat trek.[a]
Israel het derhalwe van hom af
weggedraai.[b]

**22** En die kinders van Is-
rael, die hele vergadering, het
van Kades[c] af weggetrek en by
die berg Hor[d] gekom. **23** Toe
het Jehovah op die berg Hor,
aan die grens van die land
Edom, vir Moses en Aäron gesê:
**24** “Aäron sal tot sy volk versa-
mel word,[e] want hy sal die land
wat ek beslis aan die kinders
van Israel sal gee, nie ingaan
nie, omdat julle in opstand ge-
kom het teen my bevel aan-
gaande die waters van Me′riba.[f]
**25** Neem Aäron en sy seun Ele-
a′sar en laat hulle teen die berg
Hor opklim. **26** En trek Aäron
se klere uit,[g] en jy moet dit vir
sy seun Elea′sar[h] aantrek; en
Aäron sal tot sy volk versamel
word en sal daar sterf.”[i]

**27** En Moses het gedoen net
soos Jehovah beveel het; en
voor die oë van die hele verga-
dering het hulle teen die berg
Hor opgeklim. **28** Toe het Mo-
ses Aäron se klere uitgetrek en
dit vir sy seun Elea′sar aange-
trek, waarna Aäron daar op
die top van die berg gesterf het.[j]
En Moses en Elea′sar het van
die berg afgekom. **29** En die
hele vergadering het gesien dat
Aäron gesterf het, en die hele
huis van Israel het dertig dae
lank oor Aäron gehuil.[k]

**21** En die Kanaäniet, die ko-
ning van Arad,[l] wat in
die Negeb[m] gewoon het, het te
hore gekom dat Israel met die
pad van A′tarim gekom het, en
hy het begin om teen Israel te
veg en party van hulle as ge-
vangenes weg te voer. **2** Ge-
volglik het Israel ’n gelofte
aan Jehovah gedoen en gesê:[n]
“As u hierdie volk vir seker
in my hand gee, dan sal ek

HFST. 20
a Le 10:3; Nu 27:14; De 32:51; Jes 8:13; Op 4:11
b De 1:37; De 3:26; De 34:4; Jos 1:2
c De 33:8; Ps 95:8; Ps 106:32; Heb 3:8
d Rig 11:17
e Ge 36:8; De 2:4; De 23:7
f Eks 18:8
g Ge 46:6; Han 7:15
h Ge 15:13; Eks 12:40
i Eks 1:11; Eks 1:14; De 26:6; Han 7:19
j Eks 2:23; Eks 3:7
k Eks 14:19; Eks 23:20; Eks 33:2; Han 7:35
l Nu 21:22
m De 2:27
n De 2:6
o De 2:28
p Rig 11:17
q Ge 36:1

Tweede kol.
a De 2:29
b De 2:8; Rig 11:18
c Nu 13:26; Nu 33:37
d Nu 21:4; Nu 34:7
e Ge 25:8; Nu 33:38; De 32:50
f Nu 20:12; De 32:51
g Eks 28:2; Eks 29:29; Heb 7:23
h Eks 6:23; Nu 4:16
i Nu 33:38
j Nu 33:39; De 10:6; De 32:50
k De 34:8

HFST. 21
l Nu 33:40; Jos 12:14
m Nu 13:22
n De 23:21

hulle stede beslis aan vernietiging oorgee.”[a] **3** Toe het Jehovah na Israel se stem geluister en die Kanaäniete oorgegee; en hulle het hulle en hulle stede aan vernietiging oorgegee. Daarom het hulle die plek Horma genoem.[b]

**4** Terwyl hulle verder getrek het van die berg Hor[c] af met die pad van die Rooi See, sodat hulle om die land Edom kon trek,[d] het die siel van die volk weens die pad moeg begin raak. **5** En die volk het teen God[e] en Moses bly praat:[f] “Waarom het julle ons uit Egipte laat optrek om in die wildernis te sterf?[g] Want daar is geen brood en geen water nie,[h] en ons siel het ’n afsku gekry van die veragtelike brood.”[i] **6** Toe het Jehovah giftige slange[j] onder die volk ingestuur, en hulle het die volk bly byt, sodat baie mense van Israel gesterf het.[k]

**7** Uiteindelik het die volk na Moses toe gekom en gesê: “Ons het gesondig,[l] want ons het teen Jehovah en teen u gepraat. Doen vir ons voorspraak by Jehovah sodat hy die slange van ons verwyder.”[m] En Moses het vir die volk voorspraak gedoen.[n] **8** Toe het Jehovah vir Moses gesê: “Maak vir jou ’n vurige slang en sit dit op ’n paal. En wanneer iemand gebyt is, dan moet hy daarna kyk en so bly lewe.”[o] **9** Moses het dadelik ’n koperslang[p] gemaak en dit op die paal gesit;[q] en as ’n slang iemand gebyt het en hy sy blik op die koperslang gerig het,[r] dan het hy bly lewe.[s]

**10** Daarna het die kinders van Israel weggetrek en in Obot kamp opgeslaan.[t] **11** Toe het hulle van Obot af weggetrek en in Ije-Aba′rim kamp opgeslaan,[u] in die wildernis wat teenoor die voorkant van Moab lê, teen die sonsopgang. **12** Daarvandaan het hulle weggetrek en by die Sered-stroomvallei[a] kamp opgeslaan. **13** Daarvandaan het hulle weggetrek en kamp opgeslaan in die streek van die Arnon,[b] wat in die wildernis is wat van die grens van die Amoriete af strek; want die Arnon is die grens van Moab, tussen Moab en die Amoriete. **14** Daarom word in die boek van die Oorloë van Jehovah gesê:

“Waheb in Sufa en die stroomvalleie van die Arnon, **15** en die monding van die stroomvalleie, wat in die rigting van die setel Ar[c] afbuig en teen die grens van Moab aanleun.”

**16** En daarvandaan verder na Beër.[d] Dit is die put waarvan Jehovah vir Moses gesê het: “Versamel die volk, en laat ek vir hulle water gee.”[e]

**17** Toe het Israel hierdie lied gesing:[f]

“Wel op, o put! BESING dit in wisselsang!
**18** ’n Put—vorste het dit gegrawe. Die edeles van die volk het dit gedelf,
Met ’n aanvoerderstaf,[g] met hulle eie stawwe.”

Daarna van die wildernis na Matta′na. **19** En van Matta′na na Naha′liël, en van Naha′liël na Bamot.[h] **20** En van Bamot na die vallei wat in die gebied van Moab lê,[i] by die top van Pisga,[j] en dit kyk uit oor Je′simon.[k]

**21** Israel het toe boodskappers na Sihon,[l] die koning van die Amoriete, gestuur en gesê: **22** “Laat my deur u land trek. Ons sal nie na die lande of wingerde afdraai nie. Ons sal nie water uit putte drink nie. Op die koningsweg sal ons gaan totdat ons deur u gebied getrek het.”[m] **23** En Sihon het Israel

HFST. 21
a Le 27:28, De 20:17, Jos 6:18
b Nu 14:45, Rig 1:17
c Nu 33:41
d Nu 20:21, De 2:8, Rig 11:18
e Ps 78:19
f Eks 14:11, Eks 15:24, Nu 16:13
g Nu 14:28, Nu 14:34
h Nu 20:5
i Eks 16:15, Nu 11:6, Ps 78:24
j De 8:15
k Ps 106:43, 1Ko 10:9
l Ps 78:34
m Le 26:40
n Eks 32:11
o Ps 106:44
p 2Kn 18:4
q Joh 3:14, Joh 8:28, Joh 12:32, Ga 3:13, 1Pe 2:24
r Joh 1:29, Heb 12:2
s Joh 3:14, Joh 3:15, Joh 6:40, Ro 1:17
t Nu 33:43
u Nu 33:44

Tweede kol.
a De 2:13
b Nu 22:36, De 2:24, Rig 11:18
c Nu 21:28, De 2:18, De 2:29, Jes 15:1
d Jes 15:8
e Ps 78:52
f Ps 105:2
g Ge 49:10
h Jos 13:17
i Nu 26:63, Nu 33:49
j De 3:27, De 34:1
k Nu 23:28, Jos 12:3
l De 2:26, Rig 11:19
m Nu 20:17

nie toegelaat om deur sy gebied
te trek nie,[a] maar Sihon het al
sy manskappe versamel en Is-
rael in die wildernis tegemoet-
getrek, en hy het by Jahas[b] ge-
kom en teen Israel begin veg.
**24** Daarop het Israel hom met
die skerpte van die swaard ge-
slaan[c] en sy land in besit ge-
neem[d] van die Arnon[e] af tot
by die Jabbok,[f] naby die kinders
van Ammon; want Jaser[g] is die
grens van die kinders van Am-
mon.[h]

**25** So het Israel al hierdie
stede geneem, en Israel het in al
die stede van die Amoriete[i] be-
gin woon, in Hesbon[j] en al sy af-
hanklike dorpe. **26** Want Hes-
bon was die stad van Sihon.[k] Hy
was die koning van die Amorie-
te,[l] en hy het vroeër teen die ko-
ning van Moab geveg en sy hele
land tot by die Arnon[m] uit sy
hand geneem. **27** Daarom het
die voordraers van spotgedigte
gesê:

“Kom na Hesbon.
Laat die stad van Sihon gebou word en stewig gevestig wees.
**28** Want ’n vuur het uit Hesbon uitgegaan,[n] ’n vlam uit die stad van Sihon.
Dit het Ar[o] van Moab verteer, die eienaars van die hoogtes van die Arnon.
**29** Wee jou, Moab! Jy sal beslis vergaan, o volk van Kamos![p]
Hy sal beslis sy seuns as vlugtelinge en sy dogters in gevangenskap aan Sihon, die koning van die Amoriete, gee.
**30** Laat ons dus op hulle skiet.
Hesbon sal beslis tot by Dibon[q] vergaan,
En die vroue tot by Nofag, die manne tot by Mede′ba.”[r]

**31** En Israel het in die land
van die Amoriete[a] begin woon.
**32** Toe het Moses Jaser[b] laat
verken. En hulle het sy af-
hanklike dorpe ingeneem en die
Amoriete wat daar was, uit hul-
le besitting verdryf.[c] **33** Daar-
na het hulle weggedraai en met
die pad van Basan opgetrek.[d]
Hierop het Og,[e] die koning van
Basan, hulle tegemoetgetrek,
hy en al sy manskappe, na die
geveg by Edre′ï.[f] **34** Jehovah
het toe vir Moses gesê: “Moenie
vir hom bang wees nie,[g] want ek
sal hom en sy hele volk en sy
land beslis in jou hand gee;[h] en
jy moet met hom doen net soos
jy gedoen het met Sihon, die ko-
ning van die Amoriete, wat in
Hesbon gewoon het.”[i] **35** Toe
het hulle hom en sy seuns en sy
hele volk verslaan, totdat daar
vir hom geen oorlewende oorge-
bly het nie;[j] en hulle het sy land
in besit geneem.[k]

**22** Toe het die kinders van
Israel weggetrek en in
die woestynvlaktes van Moab
kamp opgeslaan,[l] aan die oor-
kant van die Jordaan van Je′ri-
go. **2** En Balak,[m] die seun van
Sippor, het alles gesien wat Is-
rael aan die Amoriete gedoen
het. **3** En Moab het baie bang
geword vir die volk, omdat hul-
le baie was; en Moab het ’n ont-
settende vrees vir die kinders
van Israel begin voel.[n] **4** En
Moab het vir die ouer manne
van Mi′dian gesê:[o] “Nou sal hier-
die gemeente ons hele omge-
wing oplek, soos die bul die
groenigheid van die veld oplek.”

En Balak,[p] die seun van Sip-
por, was dié tyd koning van
Moab. **5** Hy het toe boodskap-
pers gestuur na Bi′leam,[q] die
seun van Beor, in Petor,[r] wat by
die Rivier[s] van die land van die
kinders van sy volk lê, om hom
te roep en te sê: “Kyk! ’n Volk

**HFST. 21**
a De 2:30, De 29:7, Rig 11:20
b De 2:32, Jos 13:18
c Jos 12:2, Rig 11:21, Ps 135:10, Ps 136:19, Am 2:9
d Nu 32:33, Ne 9:22
e Nu 21:13, De 3:16
f Rig 11:22
g Nu 32:1, 1Kr 6:81
h Jos 12:2
i Ge 10:16, Ge 15:16, Eks 3:8, De 7:1
j De 2:26, Rig 11:19, Hgl 7:4
k Ps 135:11
l Rig 11:19
m Nu 21:13
n Jer 48:45
o Nu 21:15, De 2:9
p Rig 11:24, 1Kn 11:7, 2Kn 23:13, Jer 48:7
q Nu 32:34, Jos 13:17, Jer 48:18
r Jos 13:9

**Tweede kol.**
a De 3:8
b Nu 32:1
c Nu 21:25
d De 3:1
e De 1:4, De 3:11, De 4:47, Jos 9:10
f De 3:10, Jos 13:12
g De 3:2, De 3:22, De 20:3
h Eks 23:27, De 7:24
i Ps 135:11
j De 3:3, Jos 13:12
k Jos 12:4, Jos 12:6

**HFST. 22**
l Nu 33:48
m Jos 24:9, Rig 11:25
n Eks 15:15, De 2:25
o Nu 31:8, Jos 13:21
p Mi 6:5, Op 2:14
q Jos 13:22, Jos 24:9, 2Pe 2:15, Jud 11
r De 23:4
s Ge 15:18

het uit Egipte gekom. Kyk! Hul-
le het die aarde oordek so ver as
wat ’n mens kan sien,[a] en hulle
woon reg teenoor my. **6** Kom
dan nou asseblief tog; vervloek[b]
tog hierdie volk vir my, want
hulle is magtiger as ek. Miskien
sal ek hulle kan verslaan en hul-
le uit die land kan verdryf; want
ek weet goed dat die een wat jy
seën, ’n geseënde is en die een
wat jy vervloek, vervloek is.”[c]

**7** Toe het die ouer manne
van Moab en die ouer manne
van Mi′dian met die waarsêers-
loon[d] in hulle hande gereis en
na Bi′leam gegaan[e] en Balak
se woorde aan hom meegedeel.
**8** Daarop het hy vir hulle gesê:
“Bly vannag hier oor, en ek sal
julle beslis antwoord bring net
soos Jehovah vir my sal sê.”[f] Ge-
volglik het die vorste van Moab
by Bi′leam gebly.

**9** Toe het God na Bi′leam ge-
kom en gesê:[g] “Wie is hierdie
manne by jou?” **10** En Bi′leam
het vir die ware God gesê: “Ba-
lak,[h] die seun van Sippor, die
koning van Moab, het na my
gestuur en gesê: **11** ‘Kyk! Die
volk wat uit Egipte uittrek, en
hulle oordek die aarde so ver as
die oog reik.[i] Kom tog nou, ver-
vloek hulle tog vir my.[j] Miskien
sal ek teen hulle kan veg en sal
ek hulle verdryf.’” **12** Maar
God het vir Bi′leam gesê: “Jy
mag nie saam met hulle gaan
nie. Jy mag die volk nie ver-
vloek nie,[k] want hulle is ge-
seënd.”[l]

**13** Daarna het Bi′leam die
oggend opgestaan en vir die
vorste van Balak gesê: “Gaan
na julle land, want Jehovah het
geweier om my saam met julle
te laat gaan.” **14** Toe het die
vorste van Moab opgestaan en
by Balak gekom en gesê: “Bi′-
leam het geweier om saam met
ons te kom.”[m]

**15** Balak het egter weer an-
der vorste gestuur, groter in
getal en meer geëerd as die vo-
riges. **16** En hulle het by Bi′le-
am gekom en vir hom gesê: “Só
het Balak, die seun van Sip-
por, gesê: ‘Laat jou asseblief
nie terughou om na my toe te
kom nie. **17** Want ek sal jou
vir seker grootliks eer,[a] en al-
les wat jy vir my sê, sal ek
doen.[b] Kom dus asseblief tog.
Vervloek tog hierdie volk vir
my.’” **18** Maar Bi′leam het ge-
antwoord en vir die knegte van
Balak gesê: “Al gee Balak my sy
huis vol silwer en goud, ek sal
die bevel van Jehovah my God
nie kan oortree om iets kleins
of groots te doen nie.[c] **19** Bly
julle dan nou asseblief ook van-
nag hier sodat ek kan weet wat
Jehovah verder vir my sal sê.”[d]

**20** Toe het God in die nag na
Bi′leam gekom en vir hom ge-
sê: “As die manne gekom het om
jou te roep, staan op, gaan saam
met hulle. Maar net die woord
wat ek vir jou sê, dit mag jy
sê.”[e] **21** Daarna het Bi′leam
die oggend opgestaan en sy ese-
lin opgesaal en saam met die
vorste van Moab gegaan.[f]

**22** En die toorn van God het
ontvlam omdat hy gegaan het;
en Jehovah se engel het in die
pad gaan staan om hom teë te
staan.[g] En hy het op sy eselin
gery, en twee van sy dienaars
was by hom. **23** En die ese-
lin het Jehovah se engel in die
pad sien staan met sy ontblote
swaard in sy hand;[h] en die ese-
lin het uit die pad probeer draai
sodat sy die veld kon ingaan,
maar Bi′leam het die eselin be-
gin slaan om haar na die pad te
laat draai. **24** En Jehovah se
engel het in die smal pad tus-
sen die wingerde bly staan, met
’n klipmuur aan hierdie kant en
’n klipmuur aan die ander kant.

HFST. 22
a Ge 13:16
b Ge 12:3; Nu 23:7; Jos 24:9; Ne 13:2
c Ps 109:28
d Mi 3:11; Han 16:16; 1Ti 6:10
e 2Pe 2:15; Jud 11
f Nu 12:6; Nu 23:12
g Nu 22:20
h Nu 22:4
i Nu 22:5
j Nu 22:6; Nu 23:7; Nu 23:11; Nu 24:10
k Mi 6:5
l Ge 12:2; Ge 22:17; Nu 23:20; De 23:5; De 33:29
m Nu 22:37

Tweede kol.
a Nu 24:11; Spr 17:23
b Spr 15:27
c Nu 24:13
d Nu 22:8
e Nu 22:35; Nu 23:12; Nu 24:13
f Jak 1:14; 2Pe 2:15; Jud 11
g Eks 23:21
h 2Kn 6:17; 1Kr 21:16

**25** En die eselin het steeds Je-
hovah se engel gesien en haar-
self teen die muur begin druk
en so Bi′leam se voet teen die
muur gedruk; en hy het haar
weer geslaan.
**26** Jehovah se engel het toe
weer verbygegaan en in ’n nou
plek bly staan, waar daar geen
pad was om regs of links uit
te draai nie. **27** Toe die ese-
lin Jehovah se engel sien, het
sy onder Bi′leam gaan lê; so-
dat Bi′leam se toorn ontvlam
het,[a] en hy het die eselin met
sy staf bly slaan. **28** Uitein-
delik het Jehovah die mond
van die eselin geopen,[b] en sy
het vir Bi′leam gesê: “Wat het
ek aan jou gedoen, dat jy my
nou al drie keer geslaan het?”[c]
**29** Hierop het Bi′leam vir die
eselin gesê: “Omdat jy my sleg
behandel het. Was daar maar
’n swaard in my hand, dan sou
ek jou nou doodgemaak het!”[d]
**30** Toe het die eselin vir Bi′le-
am gesê: “Is ek nie jou eselin
waarop jy jou hele lewe lank tot
vandag toe gery het nie? Was
dit ooit my gewoonte om so met
jou te maak?”[e] Waarop hy ge-
sê het: “Nee!” **31** En Jehovah
het Bi′leam se oë geopen,[f] sodat
hy Jehovah se engel in die pad
sien staan het met sy ontblote
swaard in sy hand. Dadelik het
hy laag gebuig en hom op sy ge-
sig neergewerp.
**32** Toe het Jehovah se engel
vir hom gesê: “Waarom het jy
jou eselin nou al drie keer ge-
slaan? Kyk! Ek—ek het uitge-
kom om teenstand te bied, om-
dat jou weg lynreg in stryd
met my wil is.[g] **33** En die ese-
lin het my gesien en nou al
drie keer voor my probeer uit-
draai.[h] Gestel sy het nie voor
my uitgedraai nie! Dan sou ek
jou nou reeds doodgemaak het,[i]
maar haar sou ek laat lewe het.”
**34** Hierop het Bi′leam vir Jeho-
vah se engel gesê: “Ek het ge-
sondig,[a] want ek het nie ge-
weet dat u in die pad gestaan
het om my te ontmoet nie. As
dit dan nou sleg is in u oë, laat
my teruggaan.” **35** Maar Je-
hovah se engel het vir Bi′leam
gesê: “Gaan saam met die man-
ne;[b] en jy mag niks anders sê
as die woord wat ek vir jou sê
nie.”[c] En Bi′leam het saam met
die vorste van Balak verder ge-
gaan.
**36** Toe Balak hoor dat Bi′-
leam gekom het, het hy hom
dadelik tegemoetgegaan by die
stad van Moab, wat aan die
oewer van die Arnon lê, wat
aan die rand van die gebied is.[d]
**37** Toe het Balak vir Bi′leam
gesê: “Het ek nie vir seker na
jou gestuur om jou te laat roep
nie? Waarom het jy nie na my
toe gekom nie? Is ek waarlik-
waar nie in staat om jou te
eer nie?”[e] **38** Hierop het Bi′-
leam vir Balak gesê: “Kyk, ek
het nou na u toe gekom. Sal ek
hoegenaamd iets kan sê?[f] Die
woord wat God in my mond lê,
dit sal ek spreek.”[g]
**39** Toe het Bi′leam saam met
Balak gegaan, en hulle het by
Kirjat-Husot gekom. **40** En
Balak het beeste en skape ge-
offer[h] en daarvan aan Bi′leam
gestuur en aan die vorste wat
by hom was. **41** En in die og-
gend het Balak Bi′leam geneem
en hom na Bamot-Baäl[i] laat op-
klim, sodat hy daarvandaan die
hele volk kon sien.[j]

**23** Toe het Bi′leam vir Balak
gesê: “Bou vir my op hier-
die plek sewe altare[k] en maak
vir my op hierdie plek sewe
bulle en sewe ramme gereed.”
**2** Balak het dadelik gedoen net
soos Bi′leam gesê het. Daar-
na het Balak en Bi′leam ’n bul
en ’n ram op elke altaar geoffer.[l]

HFST. 22
a Spr 14:16 Spr 27:4
b Mt 19:26 2Pe 2:16
c Nu 22:32
d Spr 12:10
e 2Pe 2:16
f 2Kn 6:17
g Nu 22:12 De 23:4 Pr 9:3 2Pe 2:15
h Nu 22:23 Nu 22:25 Nu 22:27
i Spr 16:25

Tweede kol.
a 1Sa 15:24
b Ps 81:12
c Nu 22:20
d Nu 21:26
e Nu 22:17 Nu 24:11
f Spr 19:21
g Nu 23:26 Nu 24:13
h Nu 23:14
i Jos 13:15 Jos 13:17
j Nu 23:13

HFST. 23
k Nu 22:41
l Nu 23:14 Nu 23:30

3 En Bi′leam het vir Balak ge-
sê: "Bly staan by jou brandoffer[a]
en laat my gaan. Miskien sal
Jehovah met my in aanraking
kom en my ontmoet.[b] In daardie
geval sal ek jou beslis alles mee-
deel wat hy my toon." En hy het
na 'n kaal heuwel gegaan.
4 Toe God met Bi′leam in
aanraking kom,[c] het hy vir Hom
gesê: "Ek het die sewe alta-
re in rye geplaas, en ek het 'n
bul en 'n ram op elke altaar ge-
offer."[d] 5 Gevolglik het Jeho-
vah 'n woord in die mond van
Bi′leam gelê[e] en gesê: "Keer te-
rug na Balak, en dit moet jy
sê."[f] 6 En hy het na hom toe
teruggekeer, en kyk! hy en al
die vorste van Moab het by sy
brandoffer gestaan. 7 Toe het
hy sy spreuk[g] aangehef en gesê:

"Uit Aram[h] het Balak, die koning van Moab, my probeer lei,
Uit die berge van die ooste:
'Kom tog, vervloek Jakob tog vir my.
Ja, kom tog, veroordeel Israel.'[i]
8 Hoe sou ek dié kon vervloek wat God nie vervloek het nie?[j]
En hoe sou ek dié kon veroordeel wat Jehovah nie veroordeel het nie?[k]
9 Want van die top van die rotse af sien ek hulle,
En van die heuwels af aanskou ek hulle.
Kyk, as 'n volk bly hulle afgesonderd woon,[l]
En onder die nasies reken hulle hulleself nie.[m]
10 Wie het die stofdeeltjies van Jakob getel,[n]
En wie het 'n kwart van Israel bereken?
Laat my siel die dood van die regskapenes sterf,[o]
En laat my einde later soos hulle s'n wees."[a]

11 Hierop het Balak vir Bi′-
leam gesê: "Wat het jy my aan-
gedoen? Ek het jou laat haal
om my vyande te vervloek, en
kyk, jy het hulle tot die uiterste
toe geseën."[b] 12 En hy het ge-
antwoord en gesê: "Moet ek nie
sorg dat ek alles sê wat Jehovah
in my mond lê nie?"[c]
13 Toe het Balak vir hom ge-
sê: "Kom tog asseblief saam met
my na 'n ander plek van waar
jy hulle kan sien. Net die buiten-
ste rand van hulle sal jy sien,[d]
en jy sal hulle almal nie sien nie.
En vervloek hulle daarvandaan
vir my."[e] 14 Toe het hy hom
na die veld Sofim geneem, na
die top van Pisga,[f] en sewe alta-
re gebou en 'n bul en 'n ram op
elke altaar geoffer.[g] 15 Daar-
na het hy vir Balak gesê: "Bly
staan hier by jou brandoffer, en
laat ek daar met hom in aan-
raking kom." 16 Toe het Jeho-
vah met Bi′leam in aanraking
gekom en 'n woord in sy mond
gelê en gesê:[h] "Keer terug na
Balak toe,[i] en dit moet jy sê."
17 En hy het by hom gekom, en
kyk! hy het by sy brandoffer ge-
staan, en die vorste van Moab
by hom. Toe het Balak vir hom
gesê: "Wat het Jehovah gesê?"
18 Hierop het hy sy spreuk aan-
gehef en gesê:[j]

"Staan op, Balak, en luister.
Luister tog na my, o seun van Sippor.[k]
19 God is nie 'n mens dat hy leuens sou vertel nie,[l]
Ook nie 'n mensekind dat hy sou spyt voel nie.[m]
Het hy dit gesê en sal hy dit nie doen nie,
En het hy gespreek en sal hy dit nie uitvoer nie?[n]
20 Kyk! Ek is gehaal om te seën,

HFST. 23
a Nu 23:15
b Nu 23:16; Nu 24:1
c Nu 22:20
d Nu 23:2
e Nu 22:35
f Nu 23:3
g Nu 23:18; Nu 24:3
h Ge 10:22; Nu 22:5; De 23:4
i Nu 22:6
j Nu 22:12; Nu 24:10
k Spr 21:30
l Le 20:24; De 33:28; 1Kn 8:53; Est 3:8
m Eks 33:16; De 32:8
n Ge 13:16; Ge 22:17; Eks 1:7
o Ps 37:37; Ps 116:15; Spr 10:7

Tweede kol.
a Jos 14:14; Jes 26:19; 1Ko 15:55; Heb 11:35
b Nu 22:11; Nu 24:10; Jos 24:10; Ne 13:2; Ps 109:28; Mi 6:5
c Nu 22:38; Nu 24:13
d Nu 22:11
e Jos 24:9
f De 34:1
g Nu 23:1; Nu 23:29
h Nu 22:35; Nu 23:5; Nu 24:1
i Nu 22:10
j Nu 23:7; Nu 24:3
k Nu 22:2; Jos 24:9
l Ps 89:35; Tit 1:2
m 1Sa 15:29; Ro 11:29
n Jes 14:24; Jes 46:10; Mi 7:20

En Hy het geseën,[a] en ek
sal dit nie herroep nie.[b]
21 Hy het geen towerkrag[c]
teen Jakob aanskou nie,
En geen moeilikheid het
hy vir Israel gesien nie.
Jehovah sy God is met hom,[d]
En die luide begroeting
van ’n koning is in sy
midde.
22 God lei hulle uit Egipte uit.[e]
Hy het ’n vinnige gang
soos dié van ’n wilde
bul.[f]
23 Want daar is geen ongeluk-
kige towerspreuk teen
Jakob nie,[g]
Ook geen waarsêery teen
Israel nie.[h]
Op dié tydstip kan daar van
Jakob en Israel gesê
word:
‘Wat het God bewerk!’[i]
24 Kyk, ’n volk sal opstaan soos
’n leeu,
En soos die leeu sal hy
hom verhef.[j]
Hy sal nie gaan lê voordat
hy prooi kan eet nie,
En die bloed van gesneu-
weldes sal hy drink.”[k]

25 Hierop het Balak vir Bi′le-
am gesê: “As jy hom aan die een
kant glad nie kan vervloek nie,
dan moet jy hom aan die ander
kant glad nie seën nie.” 26 En
Bi′leam het geantwoord en vir
Balak gesê: “Het ek nie met jou
gepraat en gesê: ‘Alles wat Je-
hovah sê, dit sal ek doen’ nie?”[l]
27 Toe het Balak vir Bi′leam
gesê: “Kom tog asseblief. Laat
ek jou na nog ’n ander plek
neem. Miskien sal dit reg wees
in die oë van die ware God sodat
jy hom daarvandaan beslis vir
my sal vervloek.”[m] 28 Daarop
het Balak Bi′leam na die top
van Peor geneem, wat oor Je′-
simon uitkyk.[n] 29 Toe het Bi′-
leam[o] vir Balak gesê: “Bou vir
my op hierdie plek sewe alta-
re en maak vir my op hierdie
plek sewe bulle en sewe ramme
gereed.”[a] 30 En Balak het ge-
doen net soos Bi′leam gesê het,
en hy het ’n bul en ’n ram op
elke altaar geoffer.[b]

24 Toe Bi′leam sien dat dit
goed was in die oë van Je-
hovah om Israel te seën, het hy
nie soos die ander kere wegge-
gaan[c] om ongelukkige voorte-
kens[d] te soek nie, maar hy het
sy gesig na die wildernis gekeer.
2 Toe Bi′leam sy oë opslaan en
Israel volgens sy stamme sien
woon,[e] het die gees van God op
hom gekom.[f] 3 Hy het derhal-
we sy spreuk aangehef[g] en gesê:
“Die woord van Bi′leam, die
seun van Beor,
En die woord van die man
met die geopende oog,[h]
4 Die woord van die een wat
die woorde van God
hoor,[i]
Wat ’n visioen van die Al-
magtige gesien het[j]
Terwyl hy met geopende
oë neerval:[k]
5 Hoe mooi is jou tente, o Ja-
kob, jou wonings, o Is-
rael![l]
6 Soos stroomvalleie het hulle
hulle ver uitgestrek,[m]
Soos tuine by die rivier.[n]
Soos aalwynplante wat Je-
hovah geplant het,
Soos seders by die wa-
ters.[o]
7 Water bly uit sy twee leer-
emmers drup,
En sy saad is by baie wa-
ters.[p]
Ook sal sy koning[q] hoër as
Agag wees,[r]
En sy koninkryk sal ver-
hef word.[s]
8 God lei hom uit Egipte uit;
Hy het die vinnige gang
van ’n wilde bul.[t]

HFST. 23
a Ge 12:2, Ge 22:17, Nu 22:12
b Nu 22:18, Mal 3:6
c 1Sa 15:23
d Eks 13:21, Eks 23:20, Eks 29:45, Eks 34:9, Jes 8:10
e Eks 20:2
f Nu 24:8
g Ge 12:3, Nu 22:6
h Nu 22:7, De 18:10, De 18:12
i Ps 31:19, Ps 44:1, Ps 126:3, Ro 11:33
j Ge 49:9, Nu 24:9, Spr 30:30
k Jes 31:4, Mi 5:8
l Nu 22:38, Nu 23:12, Nu 24:13
m Nu 23:13
n Nu 21:20
o Nu 22:5

Tweede kol.
a Nu 23:1
b Nu 23:2, Nu 23:14

HFST. 24
c Nu 23:3, Nu 23:15
d Ge 30:27, Le 19:26, Nu 23:23
e Nu 2:2, Nu 23:9
f Nu 11:25, 1Sa 19:20, 2Kr 15:1, 1Ko 12:10
g Nu 23:7
h Am 3:7
i Nu 24:16
j Nu 12:6
k Ese 1:28
l Nu 1:52, Nu 2:2
m Nu 2:32, Nu 22:11
n Jes 58:11, Jer 31:12
o Ps 1:3, Ps 92:12, Jer 17:8
p De 8:7
q Ge 49:10, Ps 2:6, Joh 1:49, Flp 2:10, Op 19:16
r Nu 24:20
s 1Kr 14:2, Da 2:44, Han 5:31, Op 11:15
t Nu 23:22

Hy sal die nasies, sy onderdrukkers, verteer,[a]
En hulle gebeente sal hy kou,[b] en hy sal hulle met sy pyle verbrysel.[c]
9 Hy het gebuig, hy het soos die leeu gaan lê,
En, soos 'n leeu, wie durf hom opjaag?[d]
Dié wat jou seën, is die geseëndes,[e]
En dié wat jou vervloek, is die vervloektes."[f]

**10** Daarop het Balak se
toorn teen Bi'leam ontvlam en
het hy sy hande geklap,[g] en Ba-
lak het vir Bi'leam gesê: "Ek
het jou geroep om my vyande te
vervloek,[h] en kyk! jy het hulle
nou al drie keer tot die uiterste
toe geseën. **11** En maak dan
nou dat jy wegkom na jou plek.
Ek het by myself gesê dat ek jou
vir seker gaan eer,[i] maar kyk!
Jehovah het jou die eer ontsê."
**12** Hierop het Bi'leam vir Ba-
lak gesê: "Het ek nie ook met
jou boodskappers wat jy na my
toe gestuur het, gepraat en ge-
sê nie: **13** 'Al gee Balak my sy
huis vol silwer en goud, ek sal
die bevel van Jehovah nie kan
oortree om iets goeds of slegs
uit my eie hart te doen nie. Al-
les wat Jehovah sê, dit sal ek
sê'?[j] **14** En nou, kyk, ek gaan
weg na my volk toe. Kom tog,
laat ek jou meedeel[k] wat hier-
die volk jou volk later, aan die
einde van die dae, sal aandoen."[l]
**15** Toe het hy sy spreuk aange-
hef[m] en gesê:

"Die woord van Bi'leam, die seun van Beor,
En die woord van die man met die geopende oog,[n]
**16** Die woord van die een wat die woorde van God hoor,[o]
En die een wat die kennis van die Allerhoogste ken—
'n Visioen van die Allerhoogste het hy gesien[a]
Terwyl hy met geopende oë neerval:[b]
**17** Ek sal hom sien,[c] maar nie nou nie;
Ek sal hom aanskou, maar nie van naby nie.
'n Ster[d] sal beslis uit Jakob te voorskyn tree,
En 'n septer sal inderdaad uit Israel opkom.[e]
En hy sal beslis die slape van Moab se hoof verpletter[f]
En die skedel van al die kinders van oorlogsrumoer.
**18** En Edom moet 'n besitting word,[g]
Ja, Seïr[h] moet die besitting van sy vyande word,[i]
Terwyl Israel sy moed toon.
**19** En uit Jakob sal iemand gaan oorwin,[j]
En hy moet elke oorlewende uit die stad vernietig."[k]

**20** Toe hy A'malek sien, het
hy sy spreuk voortgesit en ge-
sê:[l]

"A'malek was die eerste van die nasies,[m]
Maar sy uiteinde sal wees dat hy vergaan."[n]

**21** Toe hy die Keniete[o] sien,
het hy sy spreuk voortgesit en
gesê:

"Blywend is jou woonplek, en op die krans is jou woning geplaas.
**22** Maar daar sal iemand kom om Kajin[p] te verbrand.
Hoe lank sal dit wees voordat Assi'rië jou gevange wegvoer?"[q]

**23** En hy het sy spreuk
voortgesit en gesê:

**HFST. 24**
a Eks 23:27, De 9:5, Op 19:15
b Jes 38:13
c De 32:42, Ps 2:9
d Ge 49:9
e Ge 12:3
f Ge 27:29
g Job 27:23, Na 3:19
h Nu 22:11, Nu 23:11, De 23:4, Jos 24:9, Ne 13:2
i Nu 22:17, Jud 11
j Nu 22:18, Nu 22:38
k Mi 6:5
l Jer 48:46
m Nu 23:7, Nu 24:3
n Nu 24:3
o Nu 24:4

**Tweede kol.**
a Nu 12:6
b Ese 1:28
c Eks 33:20, Joh 1:18
d 2Sa 7:16, Jes 9:7, Jes 14:13, Jer 23:5, Ese 21:27, 2Pe 1:19, Op 22:16
e Ge 49:10, Ps 45:6, Ps 108:8, Ps 110:2, Heb 1:8
f 2Sa 8:2, 1Kr 18:2, Ps 108:9, Ps 110:6, Jer 48:45
g Ge 27:37, 2Sa 8:14, 1Kr 18:13, Ps 60:8, Jes 34:5, Am 9:12
h Ge 36:8, Jos 24:4
i 1Kr 4:42, Ese 25:14
j Ge 49:10, Ps 2:9, Ps 72:11, Op 6:2, Op 19:15
k Op 19:21
l Nu 23:7
m Eks 17:8, Eks 17:14
n De 25:19, 1Sa 15:3, 1Kr 4:43
o Ge 15:19, Rig 1:16
p Rig 4:11
q 2Kn 15:29, Esr 4:2

“Wee! Wie sal bly lewe wan-
neer God dit veroor-
saak?[a]
24 En daar sal skepe van die
kus van Kittim af
wees,[b]
En hulle sal Assi′rië beslis
teister,[c]
En hulle sal Eber inderdaad
teister.
Maar ook hy sal uiteinde-
lik vergaan.”

25 Daarna het Bi′leam opge-
staan en weggegaan en na sy
plek teruggekeer.[d] En Balak
het ook weggegaan.

**25** En Israel het in Sittim
gebly.[e] Toe het die volk
onsedelike gemeenskap met die
dogters van Moab begin hou.[f]
2 En die vroue het die volk na
die offerandes van hulle gode
kom uitnooi,[g] en die volk het
begin eet en hulle voor hulle
gode neergebuig.[h] 3 So het Is-
rael hom aan die Baäl van Peor
verbind;[i] en die toorn van Je-
hovah het teen Israel ontvlam.[j]
4 Jehovah het derhalwe vir
Moses gesê: “Neem al die hoof-
de van die volk en vertoon hul-
le voor Jehovah[k] na die son toe,
sodat die brandende toorn van
Jehovah van Israel kan wyk.”
5 Toe het Moses vir die regters
van Israel gesê:[l] “Maak elkeen
van julle sy manne dood[m] wat
hulle aan die Baäl van Peor ver-
bind het.”

6 Maar kyk! ’n man[n] van die
kinders van Israel het gekom,
en hy het ’n Midianitiese vrou[o]
naby sy broers gebring voor Mo-
ses se oë en voor die oë van die
hele vergadering van die kin-
ders van Israel, terwyl hulle by
die ingang van die tent van sa-
mekoms gehuil het. 7 Toe Pi′-
nehas,[p] die seun van Elea′sar,
die seun van die priester Aäron,
dit sien, het hy dadelik uit die
midde van die vergadering op-
gestaan en ’n lans in sy hand
geneem. 8 Vervolgens het hy
agter die man van Israel aan
gegaan tot in die gewelfde tent
en hulle albei deurboor, die man
van Israel en die vrou, deur
haar geslagsdele. Daarop is die
plaag onder die kinders van Is-
rael gestuit.[a] 9 En dié wat
deur die plaag gesterf het, was
vier-en-twintigduisend.[b]

10 Toe het Jehovah met Mo-
ses gepraat en gesê: 11 “Pi′-
nehas,[c] die seun van Elea′-
sar, die seun van die priester
Aäron, het my gramskap van
die kinders van Israel afge-
wend[d] deurdat hy hoegenaamd
geen mededinging teen my on-
der hulle geduld het nie,[e] sodat
ek die kinders van Israel in my
aandrang op uitsluitlike toe-
gewydheid[f] nie uitgeroei het
nie. 12 Sê derhalwe: ‘Kyk, ek
gee hom my vredesverbond.
13 En dit moet vir hom en sy
nageslag ná hom dien as die
verbond van ’n priesterskap
tot onbepaalde tyd,[g] omdat hy
geen mededinging teen sy God
geduld het nie[h] en vir die kin-
ders van Israel versoening ge-
doen het.’ ”[i]

14 Terloops, die naam van
die Israelitiese man wat dood-
gemaak is, wat saam met die
Midianitiese vrou doodgemaak
is, was Simri, die seun van Salu,
’n owerste[j] van ’n vaderhuis
van die Simeoniete. 15 En die
naam van die Midianitiese vrou
wat doodgemaak is, was Kosbi,
die dogter van Sur;[k] hy was ’n
hoof van die stamgroepe van ’n
vaderhuis in Mi′dian.[l]

16 Later het Jehovah met
Moses gepraat en gesê:
17 “Laat die Midianiete geteis-
ter word, en julle moet hulle
verslaan,[m] 18 want hulle teis-

HFST. 24
a De 32:39
b Ge 10:4, Jes 23:1, Ese 27:6, Da 11:30
c Na 1:1, Na 3:18
d Nu 31:8

HFST. 25
e Jos 2:1, Mi 6:5
f Nu 31:16, 1Ko 10:8, Op 2:14
g Eks 34:15, 1Kn 11:2, Han 15:29, 1Ko 10:20
h Eks 20:5, Jos 23:7, 1Ko 10:7
i De 4:3, Jos 22:17, Ps 106:28, Ho 9:10
j Ps 106:29
k 2Sa 21:6
l Eks 18:21
m Eks 22:20, Eks 32:27, De 13:8, De 13:9, 1Kn 18:40
n Nu 25:14
o Nu 25:15
p Eks 6:25, Jos 22:30, 1Kr 6:4

Tweede kol.
a Eks 23:21, Ps 106:30
b Nu 25:4, De 4:3, 1Ko 10:8
c Nu 25:7
d Ps 106:30
e Ps 106:31, 2Ko 11:2
f Eks 20:5, Eks 34:14, De 4:24, Jos 24:19
g 1Kr 6:4, 1Kr 6:50, Esr 7:5, Esr 8:2
h 1Kn 19:10
i Eks 32:30
j Nu 1:16
k Nu 31:8, Jos 13:21
l Ge 25:2, 1Kr 1:32
m Nu 31:2

ter julle met hulle listige dade[a] wat hulle op listige wyse teen julle gepleeg het in die aangeleentheid van Peor[b] en in die aangeleentheid van Kosbi,[c] die dogter van ’n owerste van Midian, hulle suster, wat doodgemaak is[d] op die dag van die plaag weens die aangeleentheid van Peor.”[e]

**26** En ná die plaag[f] het Jehovah vir Moses en Elea′sar, die seun van die priester Ääron, gesê: **2** “NEEM die volle getal van die hele vergadering van die kinders van Israel op, van twintig jaar en ouer, volgens die huis van hulle vaders, almal wat in Israel in die leër uittrek.”[g] **3** En Moses en die priester Elea′sar[h] het in die woestynvlaktes van Moab[i] aan die Jordaan by Je′rigo[j] met hulle gepraat en gesê: **4** “Neem hulle volle getal op, van twintig jaar en ouer, net soos Jehovah Moses beveel het.”[k]

En die kinders van Israel wat uit Egipteland uitgetrek het, was: **5** Ruben, Israel se eersgeborene;[l] Ruben se seuns: Van Hanog[m] die familie van die Hanogiete; van Pallu[n] die familie van die Palluïete; **6** van Hesron[o] die familie van die Hesroniete; van Karmi[p] die familie van die Karmiete. **7** Dit was die families van die Rubeniete, en hulle geregistreerdes was drie-en-veertigduisend-sewehonderd-en-dertig.[q]

**8** En die seun van Pallu was Eli′ab. **9** En die seuns van Eli′ab: Ne′muel en Datan en Abi′ram. Hierdie Datan[r] en Abi′ram[s] was manne wat uit die vergadering opgeroep was, wat ’n stryd teen Moses en Äaron gevoer het in die vergadering van Korag,[t] toe hulle ’n stryd teen Jehovah gevoer het.

**10** Toe het die aarde sy mond oopgemaak en hulle verswelg.[a] Wat Korag betref, hy het gesterf toe die vergadering gesterf het, toe die vuur tweehonderd-en-vyftig man verteer het.[b] En hulle het ’n simbool geword.[c] **11** Die seuns van Korag het egter nie gesterf nie.[d]

**12** Die seuns van Si′meon[e] volgens hulle families: Van Ne′muel[f] die familie van die Nemueliete; van Jamin[g] die familie van die Jaminiete; van Jagin[h] die familie van die Jaginiete; **13** van Serag die familie van die Seragiete; van Saul[i] die familie van die Sauliete. **14** Dit was die families van die Simeoniete: twee-en-twintigduisend-tweehonderd.[j]

**15** Die seuns van Gad[k] volgens hulle families: Van Sefon die familie van die Sefoniete; van Haggi die familie van die Haggiete; van Suni die familie van die Suniete; **16** van Osni die familie van die Osniete; van Eri die familie van die Eriete; **17** van Arod die familie van die Arodiete; van Are′li[l] die familie van die Areliete. **18** Dit was die families van die seuns van Gad, van hulle geregistreerdes: veertigduisend-vyfhonderd.[m]

**19** Die seuns van Juda[n] was Er[o] en Onan.[p] Er en Onan het egter in die land Kanaän gesterf.[q] **20** En die seuns van Juda was, volgens hulle families: Van Sela[r] die familie van die Selaniete; van Peres[s] die familie van die Peresiete; van Serag[t] die familie van die Seragiete. **21** En die seuns van Peres was: Van Hesron[u] die familie van die Hesroniete; van Hamul[v] die familie van die Hamuliete. **22** Dit was die families

**HFST. 25**
a Nu 31:16; 2Pe 2:14; Op 2:14
b Nu 25:3; Ne 13:2; 2Pe 2:15; Jud 11
c Nu 25:15
d Nu 25:8
e Nu 25:9

**HFST. 26**
f Nu 25:5; Nu 25:8
g Eks 30:12; Eks 38:26; Nu 1:2
h Nu 20:26
i Nu 22:1; Nu 31:12; Nu 33:48
j De 34:3; Jos 6:1
k Nu 1:3
l Ge 29:32; Ge 46:8; 1Kr 5:1
m Eks 6:14
n Ge 46:9
o 1Kr 5:3
p Eks 6:14
q Nu 1:21
r Nu 16:24; De 11:6
s Nu 16:1; Nu 16:12; Nu 16:27; Ps 106:17
t Nu 16:5; Nu 16:19; Jud 11

**Tweede kol.**
a Nu 16:32
b Nu 16:35; Ps 106:18
c Nu 16:38; Ese 14:8; 1Ko 10:11; 2Pe 2:6
d Eks 6:24; Nu 26:58; Ps 42:Ops; Ps 45:Ops
e Ge 35:23; Ge 46:10
f Ge 46:10
g 1Kr 4:24
h Eks 6:15
i 1Kr 4:24
j Nu 1:23
k Ge 35:26
l Ge 46:16
m Nu 1:25
n Ge 29:35; Ge 49:10; 1Kr 5:2; Heb 7:14
o Ge 38:3
p Ge 38:4; 1Kr 2:3
q Ge 38:7; Ge 38:9; Ge 38:10
r Ge 38:5; Ge 38:26; 1Kr 4:21
s Ge 38:29; Ge 46:12; Rut 4:18; Mt 1:3; t Ge 38:30; 1Kr 2:4; u Rut 4:19; v Ge 46:12; 1Kr 2:5.

van Juda,[a] van hulle geregis-
treerdes: ses-en-sewentigdui-
send-vyfhonderd.[b]

**23** Die seuns van Is′saskar[c]
volgens hulle families was: Van
Tola[d] die familie van die Tola-
iete; van Puwa die familie van
die Puniete; **24** van Jasub die
familie van die Jasubiete; van
Simron[e] die familie van die Sim-
roniete. **25** Dit was die fami-
lies van Is′saskar, van hulle
geregistreerdes: vier-en-sestig-
duisend-driehonderd.[f]

**26** Die seuns van Se′bulon[g]
volgens hulle families was: Van
Sered die familie van die Se-
lrediete; van Elon die familie
van die Eloniete; van Jag′leël[h]
die familie van die Jagleëlie-
te. **27** Dit was die families
van die Sebuloniete, van hulle
geregistreerdes: sestigduisend-
vyfhonderd.[i]

**28** Die seuns van Josef[j] vol-
gens hulle families was Manas′-
se en E′fraim.[k] **29** Die seuns
van Manas′se[l] was: Van Ma-
gir[m] die familie van die Magi-
riete. En Magir het die vader
van Gi′lead[n] geword. Van Gi′le-
ad die familie van die Gile-
adiete. **30** Dít was die seuns
van Gilead: Van Jeser[o] die fa-
milie van die Jeseriete; van He-
lek die familie van die Helekie-
te; **31** van As′riël die familie
van die Asriëliete; van Sigem
die familie van die Sigemiete;
**32** van Semi′da[p] die familie van
die Semidaïete; van Hefer[q] die
familie van die Heferiete.
**33** En Selof′had, die seun van
Hefer, het geen seuns gehad
nie, maar dogters,[r] en die name
van die dogters van Selof′had
was Magla en Noa, Hogla, Milka
en Tirsa.[s] **34** Dit was die fami-
lies van Manas′se, en hulle gere-
gistreerdes was twee-en-vyftig-
duisend-sewehonderd.[t]

**35** Dít was die seuns van
E′fraim[a] volgens hulle families:
Van Sute′lag[b] die familie van
die Sutelagiete; van Beger die
familie van die Begeriete; van
Tahan[c] die familie van die Taha-
niete. **36** En dít was die seuns
van Sute′lag: Van Eran die fa-
milie van die Eraniete. **37** Dit
was die families van die seuns
van E′fraim,[d] van hulle gere-
gistreerdes: twee-en-dertigdui-
send-vyfhonderd. Dit was die
seuns van Josef volgens hulle
families.[e]

**38** Die seuns van Benjamin[f]
volgens hulle families was: Van
Bela[g] die familie van die Be-
laïete; van Asbel[h] die familie
van die Asbeliete; van Ahi′ram
die familie van die Ahiramiete;
**39** van Sefu′fam die familie
van die Sufamiete; van Hufam[i]
die familie van die Hufamiete.
**40** Die seuns van Bela was Ard
en Naäman:[j] Van Ard die fami-
lie van die Ardiete; van Naäman
die familie van die Naämiete.
**41** Dit was die seuns van Benja-
min[k] volgens hulle families, en
hulle geregistreerdes was vyf-
en-veertigduisend-seshonderd.[l]

**42** Dít was die seuns van
Dan[m] volgens hulle families:
Van Suham die familie van die
Suhamiete. Dit was die families
van Dan[n] volgens hulle families.
**43** Al die families van die Suha-
miete, van hulle geregistreer-
des, was vier-en-sestigduisend-
vierhonderd.[o]

**44** Die seuns van Aser[p] vol-
gens hulle families was: Van
Jimna[q] die familie van die Jim-
naïete; van Jiswi[r] die fami-
lie van die Jiswiete; van Be-
ri′a die familie van die Beriïete;
**45** van die seuns van Beri′a:
Van Heber die familie van die
Heberiete; van Mal′kiël[s] die
familie van die Malkiëliete.
**46** En die naam van Aser se

**HFST. 26**
a Ge 49:8
b Nu 1:27
c Ge 30:18; Ge 35:23; Ge 46:13
d 1Kr 7:2
e 1Kr 7:1
f Nu 1:29
g Ge 30:20
h Ge 46:14
i Nu 1:31
j Ge 30:24; Ge 35:24
k Ge 41:52; Ge 46:20; De 33:17
l Ge 41:51; Ge 48:5
m Ge 50:23; Nu 36:1; De 3:15; 1Kr 7:14
n Jos 17:1
o Jos 17:2
p Jos 17:2
q Nu 27:1
r Nu 27:7; Nu 36:2; Jos 17:3; 1Kr 7:15
s Nu 27:1; Nu 36:11
t Nu 1:35

**Tweede kol.**
a Ge 41:52
b 1Kr 7:20
c 1Kr 7:25
d Ge 48:20; Jos 17:17
e Nu 1:33
f Ge 35:24
g 1Kr 7:6
h 1Kr 8:1
i Ge 46:21
j Ge 46:21; 1Kr 8:7
k Ge 49:27; Rig 1:21
l Nu 1:37
m Ge 30:6
n Ge 49:16
o Nu 1:39
p Ge 30:13; Ge 35:26
q Ge 46:17
r 1Kr 7:30
s Ge 46:17

dogter was Sera.[a] 47 Dit was
die families van die seuns van
Aser,[b] van hulle geregistreer-
des: drie-en-vyftigduisend-vier-
honderd.[c]

48 Die seuns van Naf′tali[d]
volgens hulle families was: Van
Jag′seël[e] die familie van die
Jagseëliete; van Guni[f] die fa-
milie van die Guniete; 49 van
Jeser[g] die familie van die Je-
seriete; van Sillem[h] die familie
van die Sillemiete. 50 Dit was
die families van Naf′tali[i] vol-
gens hulle families, en hulle ge-
registreerdes was vyf-en-veer-
tigduisend-vierhonderd.[j]

51 Dít was die geregistreer-
des van die kinders van Israel:
seshonderd-en-eenduisend-se-
wehonderd-en-dertig.[k]

52 Daarna het Jehovah met
Moses gepraat en gesê:
53 “Vir hulle moet die land ver-
deel word as ’n erfenis volgens
die getal name.[l] 54 Vir dié
wat baie is, moet jy hulle erf-
deel groter maak, en vir dié
wat min is, moet jy hulle erf-
deel kleiner maak.[m] Elkeen se
erfdeel moet gegee word na ver-
houding van sy geregistreerdes.
55 Net deur die lot[n] moet die
land verdeel word. Volgens die
name van die stamme van hulle
vaders moet hulle ’n erfdeel ont-
vang. 56 Volgens die beslis-
sing van die lot moet elkeen se
erfdeel verdeel word tussen dié
wat baie en dié wat min is.”

57 En dít was die geregis-
treerdes van die Leviete[o] vol-
gens hulle families: Van Ger-
son[p] die familie van die
Gersoniete; van Kehat[q] die fa-
milie van die Kehatiete; van
Mera′ri[r] die familie van die Me-
rariete. 58 Dít was die fami-
lies van die Leviete: die fami-
lie van die Libniete,[s] die familie
van die Hebroniete,[t] die fami-
lie van die Magliete,[u] die fami-
lie van die Musiete,[a] die familie
van die Koragiete.[b]

En Kehat[c] het die vader van
Amram[d] geword. 59 En die
naam van Amram se vrou was
Joge′bed,[e] Levi se dogter, wat
Levi se vrou vir hom in Egipte
gebaar het. Met verloop van tyd
het sy vir Amram Aäron en Mo-
ses en Mirjam, hulle suster,[f] ge-
baar. 60 Toe is daar vir Aäron
Nadab en Abi′hu,[g] Elea′sar en
I′tamar[h] gebore. 61 Maar Na-
dab en Abi′hu het gesterf omdat
hulle onwettige vuur voor Jeho-
vah aangebied het.[i]

62 En hulle geregistreerdes
was drie-en-twintigduisend, al-
mal wat manlik was, van ’n
maand en ouer.[j] Want hulle is
nie onder die kinders van Israel
geregistreer nie,[k] omdat geen
erfdeel aan hulle gegee moes
word onder die kinders van Is-
rael nie.[l]

63 Dit is hulle wat deur Mo-
ses en die priester Elea′sar
geregistreer is toe hulle die
kinders van Israel in die woes-
tynvlaktes van Moab aan die
Jordaan by Je′rigo[m] geregis-
treer het. 64 Maar onder hul-
le was daar geen man van dié
wat deur Moses en die pries-
ter Aäron geregistreer is toe
hulle die kinders van Israel
in die wildernis Si′nai geregis-
treer het nie.[n] 65 Want Jeho-
vah het van hulle gesê: “Hulle
sal vir seker in die wildernis
sterf.”[o] Van hulle het daar dus
geen man oorgebly nie, behalwe
Kaleb, die seun van Jefun′ne, en
Josua, die seun van Nun.[p]

27 Toe het die dogters van
Selof′had,[q] die seun van
Hefer, die seun van Gi′lead, die
seun van Magir, die seun van
Manas′se,[r] van die families van

HFST. 26
a 1Kr 7:30
b Ge 49:20; De 33:24
c Nu 1:41
d Ge 30:8; Ge 35:25
e Ge 46:24
f 1Kr 7:13
g Ge 46:24
h 1Kr 7:13
i Ge 49:21
j Nu 1:43
k Eks 38:26; Nu 1:46; Nu 1:49; Nu 2:32; Nu 14:29; Ne 9:23
l Jos 11:23; Jos 14:1
m Nu 33:54; Jos 17:14
n Nu 34:13; Jos 14:2; Jos 17:4; Jos 18:6; Spr 16:33
o Eks 6:19; Nu 3:15; Jos 18:7
p Ge 46:11; Nu 3:17; Jos 21:6
q Eks 6:16; Nu 3:19; Jos 21:4
r Jos 21:7; 1Kr 6:1
s Eks 6:17; Nu 3:18
t Nu 3:27; 1Kr 6:2
u Eks 6:19; Nu 3:33; 1Kr 23:21

Tweede kol.
a Nu 3:20; 1Kr 23:23
b Eks 6:24; 1Kr 6:33; 1Kr 6:37
c 1Kr 23:12
d Eks 6:18; Nu 3:19
e Eks 2:1; Eks 6:20
f Eks 15:20; Mi 6:4
g Eks 6:23; Eks 24:9; Le 10:1
h Le 10:16; Nu 3:2
i Le 10:2; Nu 3:4; 1Kr 24:2
j Nu 3:39
k Nu 1:49
l Nu 18:24; De 10:9; De 14:27; Jos 14:3
m Nu 26:3
n Nu 1:2; De 2:14; 1Ko 10:5
o Nu 14:29; Heb 3:17

p Nu 14:30; Jos 14:14; Jos 19:49; HFST. 27 q Nu 26:33; 1Kr 7:15; r Nu 26:28.

Manas′se, die seun van Josef, nader gekom. En dít was die name van sy dogters: Magla, Noa en Hogla en Milka en Tirsa.[a] **2** En hulle het voor Moses en voor die priester Elea′sar[b] en voor die owerstes en die hele vergadering by die ingang van die tent van samekoms gaan staan en gesê: **3** “Ons vader het in die wildernis gesterf,[c] en tog was hy nie onder die vergadering, dit wil sê dié wat teen Jehovah versamel het in die vergadering van Korag nie,[d] maar hy het weens sy eie sonde gesterf;[e] en hy het geen seuns gehad nie. **4** Waarom sou die naam van ons vader uit sy familie weggeneem word omdat hy geen seun gehad het nie?[f] Gee tog vir ons ’n besitting onder ons vader se broers.”[g] **5** Daarop het Moses hulle saak voor Jehovah gebring.[h]

**6** Jehovah het toe vir Moses gesê: **7** “Die dogters van Selof′had het gelyk. Jy moet hulle vir seker ’n erflike besitting onder hulle vader se broers gee, en jy moet hulle vader se erfdeel op hulle laat oorgaan.[i] **8** En met die kinders van Israel moet jy praat en sê: ‘As iemand sterf sonder dat hy ’n seun het, dan moet julle sy erfdeel op sy dogter laat oorgaan. **9** En as hy geen dogter het nie, dan moet julle sy erfdeel aan sy broers gee. **10** En as hy geen broers het nie, dan moet julle sy erfdeel aan sy vader se broers gee. **11** En as sy vader geen broers het nie, dan moet julle sy erfdeel aan sy bloedverwant gee[j] wat naaste aan hom is van sy familie, en hy moet dit in besit neem. En dit moet vir die kinders van Israel dien as ’n insetting ingevolge ’n regterlike beslissing, net soos Jehovah Moses beveel het.’ ”

**12** Daarna het Jehovah vir Moses gesê: “Klim op teen hierdie Aba′rimgebergte[a] en sien die land wat ek beslis aan die kinders van Israel sal gee.[b] **13** Wanneer jy dit gesien het, dan sal jy tot jou volk versamel word,[c] ja jy, net soos jou broer Aäron versamel is,[d] **14** aangesien julle in die wildernis Zin, toe die vergadering rusie gemaak het,[e] in opstand gekom het teen my bevel om my by die waters voor hulle oë te heilig.[f] Dit is die waters van Me′riba[g] by Kades[h] in die wildernis Zin.”[i]

**15** Toe het Moses met Jehovah gepraat en gesê: **16** “Laat Jehovah, die God van die geeste[j] van elke soort vlees,[k] ’n man oor die vergadering aanstel[l] **17** wat voor hulle sal uitgaan en wat voor hulle sal inkom en wat hulle sal uitlei en wat hulle sal inlei,[m] sodat Jehovah se vergadering nie word soos skape wat geen herder het nie.”[n] **18** Toe het Jehovah vir Moses gesê: “Neem vir jou Josua, die seun van Nun, ’n man in wie gees is,[o] en jy moet hom die hand oplê;[p] **19** en jy moet hom voor die priester Elea′sar en voor die hele vergadering laat staan, en jy moet voor hulle oë die bevel aan hom oordra.[q] **20** En jy moet van jou waardigheid op hom lê,[r] sodat die hele vergadering van die kinders van Israel na hom kan luister.[s] **21** En hy moet voor die priester Elea′sar staan, en dié moet ten behoewe van hom voor Jehovah inligting inwin[t] deur die beslissing van die Urim.[u] Op sy bevel moet hulle uitgaan en op sy bevel moet hulle inkom, hy en al die kinders van Israel saam met hom en die hele vergadering.”

**22** En Moses het gedoen net soos Jehovah hom beveel het. Gevolglik het hy Josua geneem

HFST. 27

a Jos 17:3
b Eks 18:26, De 17:8
c Nu 14:35
d Nu 16:2, Nu 16:19, Nu 16:35
e Ese 18:4, Ro 5:12, Ro 6:23
f Nu 26:64
g Jos 17:4
h Eks 18:15, Eks 33:11, Le 24:12
i Nu 36:2, Jos 17:6
j Le 25:25, Le 25:49, Rut 4:3, Jer 32:8

Tweede kol.

a Nu 33:47, De 32:49
b Ge 13:15, De 3:27, De 32:52, De 34:1
c Nu 31:2, De 34:7
d Nu 20:24, Nu 20:28, Nu 33:38, De 10:6, De 32:50
e Nu 20:10, De 1:37, Ps 106:33
f Nu 20:12
g Ps 106:32
h De 1:2, De 32:51
i Nu 13:21, Jos 15:1
j Nu 27:18, Ps 31:5, Ps 104:29
k Nu 16:22, Job 12:10
l De 31:14
m De 31:2
n 1Kn 22:17, Mt 9:36
o Nu 14:24, 2Kn 2:9, Lu 1:17
p De 34:9, Han 6:6, 1Ti 4:14
q De 31:7
r De 1:38, De 31:3, De 34:10
s Jos 1:17
t 1Sa 22:10, 1Sa 28:6
u Eks 28:30, Le 8:8, De 33:8, 1Sa 23:9, 1Sa 28:6, Ne 7:65

en hom voor die priester Elea′-
sar[a] en voor die hele vergade-
ring laat staan **23** en hom die
hande opgelê en die bevel aan
hom oorgedra,[b] net soos Jeho-
vah deur middel van Moses ge-
spreek het.[c]

**28** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en ge-
sê: **2** “Beveel die kinders van
Israel, en jy moet vir hulle sê:
‘Julle moet sorg dat julle my of-
fer, my brood,[d] vir my vuurof-
fers as ’n rustige geur vir my,[e]
op die vasgestelde tye daarvoor[f]
vir my aanbied.’

**3** “En jy moet vir hulle sê:
‘Dít is die vuuroffer wat julle
vir Jehovah moet aanbied: twee
jaaroud ramlammers sonder ge-
brek elke dag, as ’n voortdu-
rende brandoffer.[g] **4** Die een
ramlam moet jy in die oggend
offer, en die ander ramlam moet
jy tussen die twee aande of-
fer,[h] **5** saam met ’n tiende van
’n efa[i] fynmeel as ’n graan-
offer,[j] bevogtig met ’n kwart
hin uitgestampte olie;[k] **6** dit
is die voortdurende brandoffer,[l]
wat by die berg Si′nai as ’n rus-
tige geur gebring is, ’n vuurof-
fer aan Jehovah,[m] **7** saam met
die drankoffer wat daarby be-
hoort,[n] ’n kwart hin vir elke
ramlam.[o] Giet die drankoffer
van sterk drank[p] aan Jehovah
in die heiligdom uit. **8** En jy
moet die ander ramlam tussen
die twee aande offer. Met die-
selfde graanoffer as in die og-
gend en met dieselfde drankof-
fer wat daarby behoort, moet jy
dit as ’n vuuroffer van ’n rustige
geur aan Jehovah bring.[q]

**9** “ ‘Op die sabbatdag[r] moet
daar egter twee jaaroud ram-
lammers sonder gebrek wees en
twee tiendes van ’n maat fyn-
meel as ’n graanoffer, met olie
bevogtig, saam met die drankof-
fer wat daarby behoort, **10** as
’n sabbatsbrandoffer op sy sab-
bat, saam met die voortduren-
de brandoffer[a] en die drankoffer
wat daarby behoort.[b]

**11** “ ‘En aan die begin van
julle maande moet julle as ’n
brandoffer vir Jehovah aanbied:
twee jong bulle en een ram,
sewe jaaroud ramlammers son-
der gebrek,[c] **12** en drie tien-
des van ’n maat fynmeel as ’n
graanoffer,[d] met olie bevogtig,
vir elke bul, en twee tiendes
fynmeel as ’n graanoffer, met
olie bevogtig, vir die een ram,[e]
**13** en ’n tiende fynmeel as ’n
graanoffer, met olie bevogtig,
vir elke ramlam, as ’n brand-
offer, ’n rustige geur,[f] ’n vuur-
offer aan Jehovah. **14** En as
hulle drankoffers moet daar ’n
halwe[g] hin wyn vir ’n bul en ’n
derde[h] van ’n hin vir die ram
en ’n kwart[i] hin vir ’n ramlam
wees. Dit is die maandelikse
brandoffer in sy maand vir die
maande van die jaar.[j] **15** Ook
moet een boklam[k] as ’n sondof-
fer aan Jehovah gebring word,
benewens die voortdurende
brandoffer met die drankoffer
wat daarby behoort.[l]

**16** “ ‘En in die eerste maand,
op die veertiende dag van die
maand, sal Jehovah se pasga
wees.[m] **17** En op die vyftiende
dag van hierdie maand sal daar
’n fees wees. Sewe dae moet
ongesuurde koeke geëet word.[n]
**18** Op die eerste dag moet daar
’n heilige byeenkoms wees.[o]
Géén swaar werk mag julle
doen nie.[p] **19** En julle moet
as ’n vuuroffer, ’n brandoffer[q]
aan Jehovah, twee jong bulle
en een ram en sewe jaaroud
ramlammers aanbied.[r] Hulle
moet sonder gebrek vir julle
wees.[s] **20** En as hulle graanof-
fers[t] van fynmeel met olie be-
vogtig moet julle drie tiendes

**HFST. 27**
a Nu 20:28
b Nu 27:18; De 31:14
c De 3:28; De 31:23

**HFST. 28**
d Le 3:11; Le 21:6; Nu 28:24; Mal 1:7
e Ge 8:21; Eks 29:18; Ef 5:2; Flp 4:18
f Eks 23:14; 2Kr 8:13; Esr 3:5; Ne 10:33
g Eks 29:38; Le 6:9; Nu 29:11; Ese 46:15
h Eks 12:6; Eks 29:39; De 16:6
i Eks 16:36
j Nu 15:4
k Eks 29:40
l Eks 29:42; 2Kr 2:4; Esr 3:3
m Le 8:21
n Le 23:13
o Eks 29:40
p Nu 15:10; Nu 28:14; De 14:26
q Eks 29:41
r Eks 16:29; Eks 20:10; Ese 20:12

**Tweede kol.**
a Nu 28:3
b Nu 28:7
c Nu 10:10; 1Kr 23:31; 2Kr 2:4; Ne 10:33; Kol 2:16
d Le 2:11
e Le 1:10
f Le 1:13
g Nu 15:10
h Nu 15:7
i Nu 15:5
j Nu 29:6
k Le 4:23; Nu 15:24; Nu 28:22
l Nu 29:19
m Eks 12:14; Le 23:5; De 16:1; Ese 45:21; Lu 22:7; 1Ko 5:7
n Eks 12:15; Le 23:6; 1Ko 5:8
o Le 23:2
p Le 23:7
q Le 1:9
r Nu 28:11
s Le 22:20; Le 22:22; De 15:21
t Le 2:1

van ’n maat vir ’n bul en twee tiendes[a] vir die ram bring. **21** Jy moet ’n tiende[b] vir elke ramlam van die sewe ramlammers bring; **22** en een sondofferbok om vir julle versoening te doen.[c] **23** Benewens die oggendbrandoffer, wat as die voortdurende[d] brandoffer[e] dien, moet julle dit offer. **24** Julle moet dit elke dag gedurende die sewe dae as brood offer,[f] ’n vuuroffer van ’n rustige geur aan Jehovah.[g] Saam met die voortdurende brandoffer moet dit gebring word, en die drankoffer wat daarby behoort. **25** En op die sewende dag moet julle ’n heilige byeenkoms hou.[h] Géén swaar werk mag julle doen nie.[i]

**26** “‘En op die dag van die eerste ryp vrugte,[j] wanneer julle ’n nuwe graanoffer vir Jehovah aanbied, op julle fees van die weke,[k] moet julle ’n heilige byeenkoms hou. Géén swaar werk mag julle doen nie.[l] **27** En julle moet as ’n brandoffer vir ’n rustige geur aan Jehovah aanbied: twee jong bulle, een ram, sewe jaaroud ramlammers;[m] **28** en as hulle graanoffer van fynmeel met olie bevogtig, drie tiendes van ’n maat vir elke bul, twee tiendes[n] vir die een ram, **29** ’n tiende[o] vir elke ramlam van die sewe ramlammers; **30** een boklam om vir julle versoening te doen.[p] **31** Benewens die voortdurende brandoffer en die graanoffer wat daarby behoort, moet julle hulle offer.[q] Hulle moet vir julle sonder gebrek wees,[r] saam met hulle drankoffers.[s]

**29** “‘En in die sewende maand, op die eerste van die maand, moet julle ’n heilige byeenkoms hou.[t] Géén swaar werk mag julle doen nie.[u] Dit moet vir julle ’n dag van trompetgeskal wees.[a] **2** En julle moet as ’n brandoffer vir ’n rustige geur aan Jehovah offer: een jong bul, een ram, sewe jaaroud ramlammers sonder gebrek;[b] **3** en hulle graanoffer van fynmeel met olie bevogtig, drie tiendes van ’n maat vir die bul, twee tiendes vir die ram,[c] **4** en een tiende vir elke ramlam van die sewe ramlammers;[d] **5** en een jong bokram as ’n sondoffer om vir julle versoening te doen;[e] **6** benewens die maandelikse brandoffer[f] en die graanoffer[g] wat daarby behoort en die voortdurende brandoffer[h] en die graanoffer wat daarby behoort,[i] saam met hulle drankoffers,[j] volgens die gebruiklike prosedure daarvoor, as ’n rustige geur, ’n vuuroffer aan Jehovah.[k]

**7** “‘En op die tiende van hierdie sewende maand moet julle ’n heilige byeenkoms hou,[l] en julle moet julle siel kasty.[m] Géén werk mag julle doen nie.[n] **8** En julle moet as ’n brandoffer aan Jehovah, as ’n rustige geur, aanbied: een jong bul, een ram, sewe jaaroud ramlammers.[o] Hulle moet vir julle sonder gebrek wees.[p] **9** En as hulle graanoffer van fynmeel met olie bevogtig, drie tiendes van ’n maat vir die bul, twee tiendes vir die een ram,[q] **10** ’n tiende vir elke ramlam van die sewe ramlammers;[r] **11** een boklam as ’n sondoffer, benewens die sondoffer van versoening[s] en die voortdurende brandoffer en die graanoffer wat daarby behoort, saam met hulle drankoffers.[t]

**12** “‘En op die vyftiende dag van die sewende maand[u] moet julle ’n heilige byeenkoms hou.[v] Géén swaar werk mag julle

**HFST. 28**
a Nu 28:12
b Nu 28:13
c Nu 28:15; Nu 29:5
d Nu 28:3; Da 8:11; Da 11:31; Da 12:11
e Nu 28:6
f Le 3:11; Le 21:6; Nu 28:2
g Nu 28:8
h Eks 12:16; Eks 13:6; Le 23:8
i De 16:8
j Eks 23:16
k Eks 34:22; Le 23:16; Le 23:21; De 16:10; Han 2:1
l Eks 31:14; Nu 28:18
m Le 23:18
n Nu 28:12
o Nu 28:13
p Le 23:19; Nu 28:15
q Nu 28:3; Nu 28:5; Nu 28:23
r Le 1:3; Nu 28:19
s Nu 28:7

**HFST. 29**
t Le 23:24
u Le 23:25

**Tweede kol.**
a Nu 10:2; Ps 81:3
b Nu 28:19
c Nu 28:20
d Nu 28:21
e Nu 28:15; Nu 28:22
f Nu 28:11
g Nu 28:12
h Nu 28:3
i Nu 28:5
j Nu 28:7
k Le 23:25; Nu 28:6
l Le 16:29; Le 23:27
m Le 16:29; Le 23:29; Ps 35:13; Jes 58:5
n Le 23:31
o Nu 29:2
p Le 1:3; Le 22:22; De 15:21; De 17:1
q Nu 28:12; Nu 29:3
r Nu 28:13; Nu 29:4
s Le 16:3
t Nu 28:7
u Eks 23:16; Le 23:34; De 16:13; Ne 8:14

v Le 23:37; Ne 8:18.

doen nie,[a] en julle moet sewe dae lank ’n fees vir Jehovah vier.[b] **13** En julle moet as ’n brandoffer,[c] ’n vuuroffer van ’n rustige geur aan Jehovah, aanbied: dertien jong bulle, twee ramme, veertien jaaroud ramlammers. Hulle moet sonder gebrek wees.[d] **14** En as hulle graanoffer van fynmeel met olie bevogtig, drie tiendes van ’n maat vir elke bul van die dertien bulle, twee tiendes vir elke ram van die twee ramme,[e] **15** en ’n tiende vir elke ramlam van die veertien ramlammers;[f] **16** en een boklam as ’n sondoffer, benewens die voortdurende brandoffer met die graanoffer en die drankoffer wat daarby behoort.[g]

**17** “‘En op die tweede dag twaalf jong bulle, twee ramme, veertien jaaroud ramlammers sonder gebrek;[h] **18** en hulle graanoffer[i] en hulle drankoffers[j] vir die bulle, die ramme en die ramlammers, volgens hulle getal, volgens die gebruiklike prosedure;[k] **19** en een boklam as ’n sondoffer,[l] benewens die voortdurende brandoffer en die graanoffer wat daarby behoort, saam met hulle drankoffers.[m]

**20** “‘En op die derde dag elf bulle, twee ramme, veertien jaaroud ramlammers sonder gebrek;[n] **21** en hulle graanoffer[o] en hulle drankoffers[p] vir die bulle, die ramme en die ramlammers, volgens hulle getal, volgens die gebruiklike prosedure; **22** en een bok as ’n sondoffer,[q] benewens die voortdurende brandoffer met die graanoffer en die drankoffer wat daarby behoort.

**23** “‘En op die vierde dag tien bulle, twee ramme, veertien jaaroud ramlammers sonder gebrek;[r] **24** hulle graanoffer[s] en hulle drankoffers[t] vir die bulle, die ramme en die ramlammers, volgens hulle getal, volgens die gebruiklike prosedure;[a] **25** en een boklam as ’n sondoffer,[b] benewens die voortdurende brandoffer[c] met die graanoffer en die drankoffer wat daarby behoort.[d]

**26** “‘En op die vyfde dag nege bulle, twee ramme, veertien jaaroud ramlammers sonder gebrek;[e] **27** en hulle graanoffer[f] en hulle drankoffers[g] vir die bulle, die ramme en die ramlammers, volgens hulle getal, volgens die gebruiklike prosedure;[h] **28** en een bok as ’n sondoffer,[i] benewens die voortdurende brandoffer met die graanoffer en die drankoffer wat daarby behoort.[j]

**29** “‘En op die sesde dag agt bulle, twee ramme, veertien jaaroud ramlammers sonder gebrek;[k] **30** en hulle graanoffer[l] en hulle drankoffers[m] vir die bulle, die ramme en die ramlammers, volgens hulle getal, volgens die gebruiklike prosedure;[n] **31** en een bok as ’n sondoffer,[o] benewens die voortdurende brandoffer met die graanoffer en die drankoffers wat daarby behoort.[p]

**32** “‘En op die sewende dag sewe bulle, twee ramme, veertien jaaroud ramlammers sonder gebrek;[q] **33** en hulle graanoffer[r] en hulle drankoffers[s] vir die bulle, die ramme en die ramlammers, volgens hulle getal, volgens die gebruiklike prosedure daarvoor;[t] **34** en een bok as ’n sondoffer,[u] benewens die voortdurende brandoffer met die graanoffer en die drankoffer wat daarby behoort.[v]

**35** “‘En op die agtste dag moet julle ’n plegtige vergadering hou.[w] Géén swaar werk mag julle doen nie.[x] **36** En julle moet as ’n brandoffer, ’n

**HFST. 29**

a Le 23:35
b De 16:15
c Le 1:3; Esr 3:4
d Le 22:22; De 17:1
e Nu 28:12; Nu 29:3
f Nu 28:13; Nu 29:4
g Nu 28:3; Nu 28:5; Nu 28:7
h De 15:21
i Nu 29:3; Nu 29:14
j Nu 28:14
k Nu 28:12
l Nu 28:15
m Nu 28:3; Nu 28:5; Nu 28:7
n Nu 29:13
o Nu 29:9; Nu 29:14
p Nu 28:14
q Nu 28:15
r Le 22:22; Nu 29:13
s Nu 29:14
t Nu 28:14

**Tweede kol.**

a Nu 28:12
b Le 4:23; Nu 28:15
c Nu 28:3
d Nu 28:7
e De 15:21; De 17:1
f Nu 29:14
g Nu 28:14
h Nu 28:12
i Le 4:23; Nu 28:15
j Nu 28:7
k Le 1:3; Nu 29:8
l Nu 29:3; Nu 29:14
m Nu 28:14
n Nu 28:12
o Le 4:23; Nu 28:15
p Nu 28:7
q Le 1:3; Le 22:22
r Nu 29:3; Nu 29:14
s Nu 28:14
t Nu 28:12
u Le 4:23; Nu 28:15
v Nu 28:7
w Le 23:36
x Le 23:39

vuuroffer van ’n rustige geur
aan Jehovah, aanbied: een bul,
een ram, sewe jaaroud ramlam-
mers sonder gebrek;[a] **37** en
hulle graanoffer[b] en hulle
drankoffers[c] vir die bul, die
ram en die ramlammers, vol-
gens hulle getal, volgens die
gebruiklike prosedure;[d] **38** en
een bok as ’n sondoffer,[e] be-
newens die voortdurende brand-
offer met die graanoffer en die
drankoffer wat daarby behoort.[f]

**39** “‘Dit moet julle op jul-
le seisoenfeeste[g] aan Jehovah
offer, benewens julle gelofte-
offers[h] en julle vrywillige ga-
wes[i] as julle brandoffers[j] en
julle graanoffers[k] en julle
drankoffers[l] en julle gemeen-
skapsoffers.’ ”[m] **40** En Moses
het met die kinders van Israel
gepraat volgens alles wat Jeho-
vah Moses beveel het.[n]

**30** Toe het Moses met die
stamhoofde[o] van die kin-
ders van Israel gepraat en ge-
sê: “Dít is die woord wat Jeho-
vah beveel het: **2** As ’n man
’n gelofte aan Jehovah doen[p]
of ’n eed sweer[q] waardeur hy
sy siel tot ’n onthoudingsgelofte
verbind,[r] mag hy sy woord nie
breek nie.[s] Volgens alles wat uit
sy mond uitgegaan het, moet hy
doen.[t]

**3** “En as ’n vrou ’n gelofte
aan Jehovah doen[u] of sy haar
tot ’n onthoudingsgelofte ver-
bind in die huis van haar va-
der in haar jeug, **4** en haar
vader haar gelofte of haar ont-
houdingsgelofte hoor waartoe
sy haar siel verbind het en
haar vader teenoor haar stil-
bly, dan sal al haar geloftes van
krag wees, en elke onthoudings-
gelofte[v] waartoe sy haar siel
verbind het, sal van krag wees.
**5** Maar as haar vader haar ver-
bied het op die dag dat hy al
haar geloftes of haar onthou-
dingsgeloftes gehoor het waar-
toe sy haar siel verbind het,
sal dit nie van krag wees nie,
maar Jehovah sal haar vergewe,
omdat haar vader haar verbied
het.[a]

**6** “Maar as sy enigsins aan ’n
man behoort, en haar gelofte is
op haar[b] of die ondeurdagte be-
lofte van haar lippe waartoe
sy haar siel verbind het, **7** en
haar man dit hoor en teenoor
haar stilbly op die dag dat hy dit
hoor, dan sal haar geloftes van
krag wees, of haar onthoudings-
geloftes waartoe sy haar siel
verbind het, sal van krag wees.[c]
**8** Maar as haar man haar ver-
bied[d] op die dag dat hy dit hoor,
dan het hy haar gelofte wat op
haar was of die ondeurdagte be-
lofte van haar lippe waartoe sy
haar siel verbind het, nietig ver-
klaar, en Jehovah sal haar ver-
gewe.[e]

**9** “Wat die gelofte van ’n we-
duwee of ’n geskeide vrou be-
tref, alles waartoe sy haar siel
verbind het, sal vir haar van
krag wees.

**10** “As sy egter in die huis
van haar man ’n gelofte gedoen
het of haar siel deur ’n eed
tot ’n onthoudingsgelofte[f] ver-
bind het, **11** en haar man dit
gehoor het en teenoor haar stil-
gebly het, het hy haar nie ver-
bied nie; en al haar geloftes sal
van krag wees, of enige onthou-
dingsgelofte waartoe sy haar
siel verbind het, sal van krag
wees. **12** Maar as haar man
dit heeltemal nietig verklaar
het op die dag dat hy enige
woord van haar lippe as haar
geloftes of as ’n onthoudings-
gelofte van haar siel gehoor
het, sal dit nie van krag wees
nie.[g] Haar man het dit nietig
verklaar, en Jehovah sal haar
vergewe.[h] **13** Enige gelofte of

HFST. 29
a Nu 29:2
b Nu 29:3 Nu 29:14
c Nu 28:14
d Nu 28:12
e Le 4:23 Nu 28:15
f Nu 28:7
g Le 23:2 De 16:16
h Nu 15:3 De 12:6
i Le 7:16 Le 22:21
j Le 1:3
k Le 2:1
l Nu 15:5
m Le 3:1
n Eks 40:16 De 4:5

HFST. 30
o Eks 18:25
p Ge 28:20 Le 27:2 Rig 11:30
q Nu 30:10 Ps 132:2
r Nu 30:11 Han 23:14
s De 23:21 Ps 76:11 Ps 116:14 Ps 119:106 Pr 5:4 Mt 5:33
t Ps 22:25 Ps 50:14 Ps 66:13 Na 1:15
u 1Sa 1:11
v Nu 30:10 Nu 30:13

Tweede kol.
a Mr 7:10 Ef 6:1
b 1Sa 1:11 1Sa 1:22
c 1Sa 1:23
d Ro 7:2 1Ko 11:3 Ef 5:22
e Nu 30:5
f Nu 30:6
g 1Ko 11:3 1Pe 3:1
h Nu 30:5 Nu 30:8

enige eed ten opsigte van ’n ont-
houdingsgelofte om die siel te
kasty,[a] haar man moet dit be-
kragtig of haar man moet dit
nietig verklaar. **14** Maar as
haar man van dag tot dag heel-
temal stilbly teenoor haar, dan
het hy al haar geloftes of al
haar onthoudingsgeloftes wat
op haar is, bekragtig.[b] Hy het
dit bekragtig omdat hy teenoor
haar stilgebly het op die dag dat
hy dit gehoor het. **15** En as
hy dit heeltemal nietig verklaar
’n ruk nadat hy dit gehoor het,
dan dra hy haar oortreding.[c]

**16** “Dit is die voorskrifte wat
Jehovah Moses beveel het oor
die verhouding tussen ’n man
en sy vrou,[d] tussen ’n vader en
sy dogter in haar jeug in die
huis van haar vader.”[e]

**31** Jehovah het toe met Mo-
ses gepraat en gesê:
**2** “Neem wraak[f] vir die kinders
van Israel op die Midianiete.[g]
Daarna sal jy tot jou volk versa-
mel word.”[h]

**3** Toe het Moses met die volk
gepraat en gesê: “Rus manne
uit julle midde toe vir die leër,
sodat hulle teen Mi′dian kan op-
tree om Jehovah se wraak op
Mi′dian uit te oefen.[i] **4** Dui-
send van elke stam van al die
stamme van Israel moet julle na
die leër stuur.” **5** Gevolglik is
daar uit die duisende[j] van Is-
rael duisend van elke stam aan-
gewys, twaalfduisend toegerus
vir die leër.[k]

**6** Toe het Moses hulle uitge-
stuur, duisend van elke stam,
na die leër, hulle en Pi′nehas,[l]
die seun van die priester Elea′-
sar, na die leër, en die heilige
voorwerpe en die trompette[m]
om die seine te gee, was in
sy hand. **7** En hulle het oor-
log teen Mi′dian gevoer, net
soos Jehovah Moses beveel het,
en hulle het almal wat man-
lik is, doodgemaak.[a] **8** En be-
halwe die ander wat hulle omge-
bring het, het hulle ook die
konings van Mi′dian doodge-
maak, naamlik Ewi en Rekem
en Sur en Hur en Reba, die vyf
konings van Mi′dian;[b] en hulle
het Bi′leam,[c] die seun van Beor,
met die swaard doodgemaak.
**9** Maar die kinders van Israel
het die vroue van Mi′dian en
hulle kindertjies gevange weg-
gevoer;[d] en al hulle mak diere
en al hulle vee en al hulle mid-
dele vir lewensonderhoud het
hulle geplunder. **10** En al hul-
le stede waarin hulle hulle ge-
vestig het en al hulle ommuur-
de kampe het hulle met vuur
verbrand.[e] **11** En hulle het al
die roof[f] en al die buit, mense
en mak diere, geneem. **12** En
hulle het die gevangenes en die
buit en die roof na Moses en die
priester Elea′sar en na die ver-
gadering van die kinders van Is-
rael gebring, na die kamp, na
die woestynvlaktes van Moab,[g]
wat aan die Jordaan by Je′ri-
go is.

**13** Toe het Moses en die
priester Elea′sar en al die ower-
stes van die vergadering hulle
buite die kamp tegemoetge-
gaan. **14** En Moses het toor-
nig geword op die manne wat
oor die strydkragte[h] aangestel
was, die hoofde oor duisend en
die hoofde oor honderd wat van
die krygsveldtog af gekom het.
**15** Toe het Moses vir hulle ge-
sê: “Het julle al die vroue laat le-
we?[i] **16** Kyk! Dit is hulle wat,
deur Bi′leam se woord, die kin-
ders van Israel beweeg het om
ontrouheid teenoor Jehovah te
pleeg[j] in die aangeleentheid van
Peor,[k] sodat die plaag oor die
vergadering van Jehovah ge-
kom het.[l] **17** Maak dan nou al-
mal dood wat manlik is onder

**HFST. 30**
a Ps 35:13; Jes 58:5
b Nu 30:7
c De 23:21
d Nu 30:6; Nu 30:10
e Nu 30:3

**HFST. 31**
f De 32:41; Ps 94:1; Jes 1:24; Na 1:2
g Nu 25:2; Nu 25:17
h Nu 27:13; De 32:50
i Nu 22:7; Nu 25:18; 1Ko 10:8; Op 2:14
j Nu 26:51
k Le 26:8
l Nu 25:7; Nu 25:11
m Nu 10:2; Nu 10:9

**Tweede kol.**
a De 20:13
b Jos 13:21
c Nu 22:12; Nu 24:25; Jos 13:22; 2Pe 2:15; Jud 11; Op 2:14
d De 20:14
e Jos 6:24
f De 2:35; Jos 8:2
g Nu 22:1
h Nu 31:5
i Jer 48:10
j Nu 25:2; 2Pe 2:15; Op 2:14
k Nu 25:18; De 4:3; Jos 22:17
l Nu 25:9; 1Ko 10:8

die kindertjies, en maak elke vrou dood wat gemeenskap met ’n man gehad het deur by ’n man te lê.[a]
18 En laat al die kindertjies onder die vroue, wat nie die daad geken het om by ’n man te lê nie, vir julle lewe.[b]
19 Wat julle betref, slaan vir sewe dae kamp op buite die kamp. Elkeen wat ’n siel doodgemaak het[c] en elkeen wat geraak het aan iemand wat omgebring is[d]—julle moet julle op die derde dag en op die sewende dag reinig,[e] julle en julle gevangenes.
20 En elke kleed en elke voorwerp van vel en alles wat van bokhaar gemaak is en elke houtvoorwerp moet julle vir julle van sonde reinig.”[f]

21 Die priester Elea′sar het toe vir die manne van die leër wat na die geveg uitgetrek het, gesê: “Dít is die wetsinsetting wat Jehovah Moses beveel het:
22 ‘Net die goud en die silwer, die koper, die yster, die tin en die lood,
23 alles wat met vuur verwerk word,[g] moet julle deur die vuur laat gaan, en dit sal rein wees. Maar dit moet deur die reinigingswater[h] van sonde gereinig word. En alles wat nie met vuur verwerk word nie, moet julle deur die water laat gaan.[i]
24 En julle moet julle klere op die sewende dag was en rein wees, en daarna mag julle in die kamp inkom.’ ”[j]

25 En Jehovah het vir Moses gesê:
26 “Neem die volle getal op van wat gebuit is, die gevangenes, mense sowel as mak diere, jy en die priester Elea′sar en die hoofde van die vaderhuise van die vergadering.
27 En jy moet die buit in twee verdeel tussen dié wat aan die geveg deelgeneem het, wat die veldtog onderneem het, en die res van die vergadering.[k]
28 En van die krygsmanne wat die veldtog onderneem het, moet jy as belasting[a] vir Jehovah een siel uit vyfhonderd neem, van die mense en van die beeste en van die esels en van die kleinvee.
29 Uit hulle helfte moet julle dit neem, en jy moet dit aan die priester Elea′sar gee as Jehovah se bydrae.[b]
30 En uit die helfte van die kinders van Israel moet jy een uit vyftig neem, van die mense, van die beeste, van die esels en van die kleinvee, van elke soort mak dier, en jy moet dit aan die Leviete gee,[c] wat die verpligting ten opsigte van Jehovah se tabernakel nakom.”[d]

31 En Moses en die priester Elea′sar het gedoen net soos Jehovah Moses beveel het.
32 En die buit, die res van die roofgoed wat die manskappe van die veldtog as roofgoed geneem het, was seshonderd-vyf-en-sewentigduisend stuks kleinvee
33 en twee-en-sewentigduisend beeste
34 en een-en-sestigduisend esels.
35 Wat mensesiele[e] betref uit die vroue wat nie die daad geken het om by ’n man te lê nie,[f] al die siele was twee-en-dertigduisend.
36 En die helfte wat die deel was van dié wat die veldtog onderneem het, was driehonderd-sewe-en-dertigduisend-vyfhonderd stuks kleinvee in getal.
37 En die belasting[g] vir Jehovah uit die kleinvee was seshonderd-vyf-en-sewentig.
38 En die beeste was ses-en-dertigduisend, en die belasting daarop vir Jehovah was twee-en-sewentig.
39 En die esels was dertigduisend-vyfhonderd, en die belasting daarop vir Jehovah was een-en-sestig.
40 En die mensesiele was sestienduisend, en die belasting daarop vir Jehovah was twee-en-dertig sie-

HFST. 31
a Rig 21:11
b Nu 31:35
c Nu 5:2, Nu 19:11
d Nu 19:16
e Nu 19:20
f Nu 31:23
g Spr 17:3, Spr 25:4
h Nu 19:9
i Nu 31:20
j Nu 19:19, Nu 19:20
k Jos 22:8, 1Sa 30:24, Ps 68:12

Tweede kol.
a Ge 14:20, 1Kr 26:27
b Nu 18:20, Nu 18:29
c De 12:12, De 12:19, Jos 13:14
d Nu 3:7, Nu 18:3, 1Kr 23:32
e Ge 2:7, 1Ko 15:45
f Nu 31:18
g Ge 14:20, 1Kr 26:27

le. **41** Toe het Moses die belas-
ting as Jehovah se bydrae aan
die priester Elea′sar gegee,[a] net
soos Jehovah Moses beveel het.[b]
**42** En uit die helfte wat aan
die kinders van Israel behoort
het, wat Moses afgeskei het van
wat aan die manne behoort het
wat oorlog gevoer het: **43** Die
vergadering se helfte uit die
kleinvee was driehonderd-sewe-
en-dertigduisend-vyfhonderd,
**44** en uit die beeste, ses-en-der-
tigduisend, **45** en die esels,
dertigduisend-vyfhonderd,
**46** en mensesiele, sestiendui-
send. **47** Toe het Moses uit die
helfte wat aan die kinders van
Israel behoort het, die een ge-
neem wat uit vyftig geneem
moes word, van mense en van
mak diere, en hulle aan die Le-
viete gegee,[c] wat die verplig-
ting ten opsigte van Jehovah se
tabernakel nakom,[d] net soos Je-
hovah Moses beveel het.
**48** En die manne wat oor die
duisende van die leër aangestel
was,[e] die hoofde oor duisend
en die hoofde oor honderd,[f] het
na Moses toe gekom **49** en vir
Moses gesê: "U knegte het die
volle getal opgeneem van die
krygsmanne wat onder ons be-
vel is en van ons is nie een as
vermis gemeld nie.[g] **50** Laat
elkeen van ons dus wat hy ge-
vind het, as 'n offer vir Jeho-
vah aanbied:[h] goue voorwerpe,
enkelkettinkies en armbande,
seëlringe,[i] oorringe en vroue-
sierade,[j] om vir ons siel versoe-
ning te doen voor Jehovah."
**51** Toe het Moses en die
priester Elea′sar die goud, al
die juwele, van hulle aanvaar.[k]
**52** En al die goud van die by-
drae wat hulle vir Jehovah by-
gedra het, het sestienduisend-
sewehonderd-en-vyftig sikkels
beloop, van die hoofde oor dui-
send en die hoofde oor hon-
derd. **53** Elkeen van die man-
ne van die leër het vir hom
roofgoed geneem.[a] **54** En Mo-
ses en die priester Elea′sar het
die goud van die hoofde oor dui-
send en oor honderd aanvaar en
dit in die tent van samekoms in-
gebring om die kinders van Is-
rael voor Jehovah in gedagtenis
te bring.[b]

**32** En die kinders van Ru-
ben[c] en die kinders van
Gad[d] het baie vee gehad, ja, 'n
groot klomp. En toe het hulle
die land Jaser[e] en die land Gi′le-
ad gesien, en kyk! die plek was
'n plek vir vee. **2** Die kinders
van Gad en die kinders van Ru-
ben het derhalwe gekom en vir
Moses en die priester Elea′sar
en vir die owerstes van die ver-
gadering gesê: **3** "A′tarot[f] en
Dibon[g] en Jaser en Nimra[h] en
Hesbon[i] en Elea′le[j] en Sebam
en Nebo[k] en Beon,[l] **4** die land
wat Jehovah voor die vergade-
ring van Israel verslaan het,[m] is
'n land vir vee, en u knegte het
vee."[n] **5** En hulle het verder
gesê: "As ons guns in u oë ge-
vind het, laat hierdie land dan
aan u knegte as 'n besitting ge-
gee word. Moet ons nie deur die
Jordaan laat trek nie."[o]
**6** Toe het Moses vir die kin-
ders van Gad en die kinders van
Ruben gesê: "Moet julle broers
gaan oorlog voer terwyl jul-
le hier bly?[p] **7** En waarom sou
julle die kinders van Israel die
moed ontneem om deur te trek
na die land wat Jehovah hul-
le beslis sal gee? **8** So het julle
vaders gedoen[q] toe ek hulle van
Ka′des-Barne′a af gestuur het[r]
om die land te bekyk. **9** Toe
hulle na die Eskolstroomval-
lei opgetrek[s] en die land be-
kyk het, het hulle die kinders
van Israel die moed ontneem
om in die land in te trek wat
Jehovah hulle vir seker sou

**HFST. 31**
a Nu 18:8, Nu 18:19, 1Ko 9:14, Ga 6:6, Heb 7:5
b Nu 5:9
c De 12:12, De 12:19
d Nu 3:7, Nu 18:3, Nu 31:30, 1Kr 23:32
e Nu 31:4
f Nu 1:4, Nu 1:16, Nu 31:14, De 1:15
g Eks 23:27, Le 26:7
h Ps 96:8
i Ge 41:42
j Eks 35:22
k Nu 18:8, Nu 18:19

**Tweede kol.**
a De 20:14
b Eks 30:16

**HFST. 32**
c Nu 26:7, Jos 13:15
d Nu 26:18, Jos 13:24
e Nu 21:32, Jos 13:25, Jes 16:8
f Nu 32:34
g Nu 21:30, Jos 13:9
h Nu 32:36
i Nu 21:26
j Nu 32:37, Jer 48:34
k Nu 33:47
l Nu 32:38
m Nu 21:24, De 2:24, De 3:18
n Ge 46:34, De 2:35
o Jos 1:12, Jos 1:14, Jos 13:8
p Flp 2:4
q Nu 13:31, Jos 14:8
r Jos 14:7
s Nu 13:23, De 1:24

gee.[a] **10** Daarom het Jehovah
se toorn op daardie dag ont-
vlam sodat hy gesweer[b] en ge-
sê het: **11** 'Die manne wat uit
Egipte opgetrek het, van twin-
tig jaar en ouer,[c] sal die land
wat ek aan Abraham, Isak en Ja-
kob met 'n eed beloof het,[d] nie
sien nie, want hulle het my
nie volkome gevolg nie, **12** be-
halwe Kaleb,[e] die seun van Je-
fun′ne, die Kenissiet, en Jo-
sua,[f] die seun van Nun, want
hulle het Jehovah volkome ge-
volg.' **13** Daarom het Jeho-
vah se toorn teen Israel ont-
vlam en het hy hulle veertig
jaar lank in die wildernis laat
rondswerf,[g] totdat die hele ge-
slag wat kwaad gedoen het in
die oë van Jehovah, aan hulle
einde gekom het.[h] **14** En kyk,
julle het in die plek van jul-
le vaders opgestaan as die na-
geslag van sondige mense, om
die brandende toorn van Jeho-
vah teen Israel verder te ver-
groot.[i] **15** As julle julle daar-
van afkeer om hom te volg,[j] dan
sal hy hulle beslis weer eens lan-
ger in die wildernis laat bly,[k] en
julle sal verderflik teen hierdie
hele volk gehandel het."[l]

**16** Later het hulle na hom
toe gekom en gesê: "Laat ons
hier klipkrale vir ons vee bou
en stede vir ons kindertjies.
**17** Maar ons sal in slagorde toe-
gerus voor die kinders van Is-
rael uit trek,[m] totdat ons hul-
le na hulle plek gebring het,
terwyl ons kindertjies in die
stede met verskansings moet
woon, uit die gesig van die in-
woners van die land. **18** Ons
sal nie na ons huise terugkeer
voordat die kinders van Israel
vir hulle grond in besit geneem
het nie, elkeen sy eie erfdeel.[n]
**19** Want ons sal nie 'n erfdeel
saam met hulle ontvang van die
ander kant van die Jordaan af
en verder nie, omdat ons ons
erfdeel aan hierdie kant van die
Jordaan teen die sonsopgang
gekry het."[a]

**20** Hierop het Moses vir hul-
le gesê: "As julle dit doen, as
julle julle voor Jehovah vir die
oorlog toerus[b] **21** en elke toe-
geruste man van julle voor Je-
hovah deur die Jordaan trek,
totdat hy sy vyande voor hom
uit verdryf het[c] **22** en die
land voor Jehovah onderwerp
is,[d] en julle daarná terugkeer,[e]
dan sal julle inderdaad vry van
skuld wees teenoor Jehovah en
teenoor Israel; en hierdie land
sal julle s'n word as 'n besitting
voor Jehovah.[f] **23** Maar as jul-
le nie so doen nie, dan sal julle
beslis teen Jehovah sondig.[g]
Weet dan dat julle sonde jul-
le sal inhaal.[h] **24** Bou vir jul-
le stede vir julle kindertjies en
klipkrale vir julle kleinvee, en
julle moet doen wat uit julle
mond uitgegaan het."[i]

**25** Toe het die kinders van
Gad en die kinders van Ru-
ben vir Moses gesê: "U kneg-
te sal doen net soos my heer be-
veel.[j] **26** Ons kindertjies, ons
vrouens, ons vee en al ons mak
diere sal daar in die stede van
Gi′lead bly,[k] **27** maar u kneg-
te, elkeen wat vir die leër toege-
rus is,[l] sal voor Jehovah oortrek
vir die oorlog, net soos my heer
sê."

**28** Toe het Moses aangaande
hulle aan die priester Elea′sar
en aan Josua, die seun van
Nun, en aan die hoofde van die
vaderhuise van die stamme van
die kinders van Israel bevel ge-
gee. **29** En Moses het vir hul-
le gesê: "As die kinders van
Gad en die kinders van Ruben,
almal wat vir die oorlog toege-
rus is,[m] saam met julle voor Je-
hovah deur die Jordaan trek, en
die land voor julle onderwerp

HFST. 32
a Nu 13:32, De 1:26
b Nu 14:28, De 1:34, Ps 95:11, Ese 20:15, Heb 3:18
c Nu 14:29, De 1:35, De 2:14
d Ge 13:15, Ge 26:3, Ge 28:13
e Nu 13:30, Nu 14:24, De 1:36, Jos 14:8
f Nu 14:30, De 1:38, Jos 19:49
g Nu 14:33, De 29:5, Jos 5:6, Ps 95:10, Han 7:36, Han 13:18
h Nu 26:64, De 2:14, 1Ko 10:5, Heb 3:17
i De 1:34, Han 7:51
j Heb 10:38
k Eks 23:21
l 2Kr 15:2
m De 3:18, Jos 4:12
n Jos 22:4

Tweede kol.
a Nu 32:33, Jos 12:1, Jos 13:8, 2Kn 10:33
b De 3:18, Jos 1:14, Jos 4:13
c Ps 78:55
d De 3:20, Jos 11:23, Jos 18:1, Ps 44:2
e Jos 22:4, Jos 22:9
f De 3:12, Jos 1:15, Jos 13:8
g Nu 15:22, Jak 4:17
h Spr 13:21, Jes 59:12, Ga 6:7
i Nu 32:16, Nu 32:34, Nu 32:37
j Jos 1:13
k Jos 1:14
l Jos 4:12
m Nu 32:20

is, dan moet julle aan hulle die
land Gi′lead as ’n besitting gee.[a]
**30** Maar as hulle nie toegerus
saam met julle oortrek nie, dan
moet hulle hulle onder julle in
die land Kanaän vestig.”[b]

**31** Hierop het die kinders
van Gad en die kinders van Ru-
ben geantwoord en gesê: “Wat
Jehovah vir u knegte gesê het,
so sal ons doen.[c] **32** Ons sal
toegerus voor Jehovah na die
land Kanaän oortrek,[d] en ons
erflike besitting sal ons s’n wees
aan hierdie kant van die Jor-
daan.”[e] **33** Toe het Moses aan
hulle, dit wil sê aan die kinders
van Gad[f] en aan die kinders van
Ruben[g] en aan die halwe stam
van Manas′se,[h] die seun van Jo-
sef, die koninkryk van Sihon,[i]
die koning van die Amoriete,
gegee, asook die koninkryk van
Og,[j] die koning van Basan, die
land wat by die stede daarvan
behoort in die gebiede, en die
stede van die land rondom.

**34** En die kinders van Gad
het Dibon[k] gebou en A′tarot[l] en
A′roër,[m] **35** en Atrot-Sofan
en Jaser[n] en Jog′beha,[o] **36** en
Bet-Nimra[p] en Bet-Haran,[q] ste-
de met verskansings,[r] en klip-
krale vir kleinvee.[s] **37** En die
kinders van Ruben het Hes-
bon[t] gebou en Elea′le[u] en Kirja-
ta′im,[v] **38** en Nebo[w] en Baäl-
Meon[x]—hulle name is veran-
der—en Sibma; en hulle het die
name van die stede wat hulle
gebou het, na hulle eie name ge-
noem.

**39** En die seuns van Magir,[y]
die seun van Manas′se, het na
Gi′lead opgetrek en dit inge-
neem en die Amoriete verdryf
wat daarin was. **40** Daarom
het Moses Gi′lead aan Magir, die
seun van Manas′se, gegee, en hy
het daarin gaan woon.[z] **41** En
Jaïr, die seun van Manas′se, het
opgetrek en hulle tentdorpe in-
geneem, en hy het hulle Haw-
wot-Jaïr genoem.[a] **42** En No-
bag het opgetrek en Kenat[b] en
sy afhanklike dorpe ingeneem;
en hy het dit Nobag, na sy eie
naam, genoem.

# 33
Dit was die skofte van
die kinders van Israel
wat deur die hand van Moses
en Aäron[c] volgens hulle leërs[d]
uit Egipteland uitgetrek het.[e]
**2** En Moses het op bevel van
Jehovah die vertrekplekke vol-
gens hulle skofte bly opskryf;
en dít was hulle skofte van die
een vertrekplek na die ander:[f]
**3** En hulle het van Ramses[g] af
weggetrek in die eerste maand,
op die vyftiende dag van die
eerste maand.[h] Die dag net ná
die pasga[i] het die kinders van
Israel met opgehefte hand voor
die oë van al die Egiptenaars
uitgetrek.[j] **4** Die hele tyd het
die Egiptenaars dié begrawe
wat Jehovah onder hulle getref
het, dit wil sê al die eersgebore-
nes;[k] en aan hulle gode het Je-
hovah strafgerigte voltrek.[l]

**5** En die kinders van Israel
het van Ramses[m] af weggetrek
en in Sukkot[n] kamp opgeslaan.
**6** Toe het hulle van Sukkot af
weggetrek en in Etam[o] kamp
opgeslaan, wat aan die rand
van die wildernis lê. **7** En hul-
le het van Etam af weggetrek
en teruggedraai na Pi-Hagirot,[p]
wat voor Baäl-Sefon[q] lê; en hul-
le het voor Migdol[r] kamp op-
geslaan. **8** Daarna het hulle
van Pi-Hagirot af weggetrek en
deur die see gegaan[s] na die wil-
dernis[t] en drie dagreise ver in
die wildernis van Etam[u] getrek
en by Mara[v] kamp opgeslaan.

**9** Toe het hulle van Mara af
weggetrek en by Elim[w] gekom.

---

**HFST. 32**
a Jos 1:15; Jos 13:15; Jos 13:24
b Nu 32:5
c Nu 32:25
d Jos 4:13
e Jos 1:15; 2Kn 10:33
f De 3:12
g Jos 13:8
h De 29:8; Jos 12:6; Jos 22:7; 1Kr 5:18
i Nu 21:23; Nu 21:24; De 2:31; Ps 136:19
j De 3:4; Ps 135:11
k Nu 21:30; Nu 33:45; Jos 13:17
l Nu 32:3
m De 2:36; Jos 12:2; Rig 11:26
n Nu 21:32; Jos 13:25
o Rig 8:11
p Nu 32:3
q Jos 13:27
r Nu 32:17
s Nu 32:24
t Nu 21:26; Jos 13:17
u Nu 32:3; Jer 48:34
v Jos 13:19
w Nu 32:3
x Jos 13:17; Ese 25:9
y Nu 26:29
z De 3:13; Jos 13:31; Jos 17:1

**Tweede kol.**
a De 3:14; Jos 13:30
b 1Kr 2:23

**HFST. 33**
c Jos 24:5; 1Sa 12:8; Ps 77:20; Mi 6:4
d Eks 13:18
e Eks 12:51
f Nu 9:17
g Ge 47:11; Eks 12:37
h Eks 12:2; Eks 13:4
i Eks 12:6; Nu 9:3; De 16:1
j Eks 14:8
k Eks 12:29; Ps 78:51
l Eks 12:12; Eks 18:11
m Ge 47:11
n Eks 12:37
o Eks 13:20
p Eks 14:2
q Eks 14:9
r Eks 14:2

s Eks 14:22; Ps 106:9; Heb 11:29; t Eks 15:22; u Eks 13:20; v Eks 15:23; w Eks 15:27.

En in Elim was twaalf water-
fonteine en sewentig palmbo-
me. En hulle het daar kamp
opgeslaan. **10** En hulle het
van Elim af weggetrek en by
die Rooi See kamp opgeslaan.
**11** Daarna het hulle van die
Rooi See af weggetrek en in die
wildernis Sin[a] kamp opgeslaan.
**12** Toe het hulle uit die wilder-
nis Sin weggetrek en by Dof-
ka kamp opgeslaan. **13** Later
het hulle van Dofka af weg-
getrek en by Alus kamp op-
geslaan. **14** Hulle het toe van
Alus af weggetrek en in Re′fi-
dim[b] kamp opgeslaan. En daar
was geen water vir die volk om
te drink nie. **15** Daarna het
hulle van Re′fidim af weggetrek
en in die wildernis Si′nai[c] kamp
opgeslaan.

**16** Daarna het hulle uit die
wildernis Si′nai weggetrek en
by Kib′rot-Hatta′äwa[d] kamp op-
geslaan. **17** Toe het hulle van
Kib′rot-Hatta′äwa af weggetrek
en in Ha′serot[e] kamp opgeslaan.
**18** Daarna het hulle van Ha′se-
rot af weggetrek en in Ritma
kamp opgeslaan. **19** En hulle
het van Ritma af weggetrek
en in Rimmon-Peres kamp op-
geslaan. **20** Toe het hulle van
Rimmon-Peres af weggetrek
en in Libna kamp opgeslaan.
**21** Later het hulle van Libna af
weggetrek en in Rissa kamp op-
geslaan. **22** En hulle het van
Rissa af weggetrek en in Kehe-
la′ta kamp opgeslaan. **23** Toe
het hulle van Kehela′ta af weg-
getrek en by die berg Sefer
kamp opgeslaan.

**24** Daarna het hulle van die
berg Sefer af weggetrek en
in Ha′rada kamp opgeslaan.[f]
**25** Toe het hulle van Ha′ra-
da af weggetrek en in Mak′-
helot kamp opgeslaan. **26** En
hulle het van Mak′helot af weg-
getrek[a] en in Tahat kamp op-
geslaan. **27** Daarna het hulle
van Tahat af weggetrek en in
Tera kamp opgeslaan. **28** Toe
het hulle van Tera af weggetrek
en in Mitka kamp opgeslaan.
**29** Later het hulle van Mitka
af weggetrek en in Hasmo′na
kamp opgeslaan. **30** En hul-
le het van Hasmo′na af weg-
getrek en in Mo′serot kamp
opgeslaan. **31** Toe het hul-
le van Mo′serot af weggetrek
en in Bene′-Ja′äkan[b] kamp op-
geslaan. **32** Daarna het hul-
le van Bene′-Ja′äkan af weg-
getrek en in Hor-Hag′gidgad
kamp opgeslaan. **33** En hulle
het van Hor-Hag′gidgad af weg-
getrek en in Jotba′ta[c] kamp
opgeslaan. **34** Later het hul-
le van Jotba′ta af weggetrek
en in Abro′na kamp opgeslaan.
**35** Toe het hulle van Abro′na af
weggetrek en in E′seon-Ge′ber[d]
kamp opgeslaan. **36** Daarna
het hulle van E′seon-Ge′ber af
weggetrek en in die wildernis
Zin,[e] dit wil sê Kades, kamp op-
geslaan.

**37** Later het hulle van Ka-
des af weggetrek en by die
berg Hor[f] kamp opgeslaan, aan
die grens van die land Edom.
**38** En die priester Aäron het
op bevel van Jehovah teen die
berg Hor opgeklim en het daar
gesterf in die veertigste jaar ná
die uittog van die kinders van
Israel uit Egipteland, in die vyf-
de maand, op die eerste van
die maand.[g] **39** En Aäron was
honderd-drie-en-twintig jaar
oud toe hy op die berg Hor ge-
sterf het.

**40** En die Kanaäniet, die ko-
ning van Arad,[h] wat in die Ne-
geb[i] in die land Kanaän ge-
woon het, het te hore gekom dat
die kinders van Israel aan die
kom is.

HFST. 33
a Eks 16:1
b Eks 17:1, Eks 17:8
c Eks 18:5, Eks 19:1, Eks 19:2, Nu 1:1, Nu 3:4, Nu 9:1
d Nu 11:34, De 9:22
e Nu 11:35, Nu 12:16, De 1:1
f Nu 2:3, Nu 2:10, Nu 2:18, Nu 2:25, Nu 2:34

Tweede kol.
a Nu 9:17
b De 10:6
c De 10:7
d De 2:8, 1Kn 9:26, 2Kr 8:17
e Nu 13:21, Nu 14:25, Nu 20:1, Nu 27:14, De 32:51, Jos 15:1
f Nu 20:22, Nu 20:23, De 32:50
g De 10:6
h Nu 21:1, Rig 1:16
i Nu 13:17, Jos 10:40

**41** Na verloop van tyd het
hulle van die berg Hor[a] af weg-
getrek en in Sal′mona kamp
opgeslaan. **42** Daarna het hul-
le van Sal′mona af weggetrek
en in Punon kamp opgeslaan.
**43** En hulle het van Punon af
weggetrek en in Obot[b] kamp
opgeslaan. **44** Toe het hul-
le van Obot af weggetrek en
in Ije-Aba′rim, aan die grens
van Moab,[c] kamp opgeslaan.
**45** Later het hulle van Ijim
af weggetrek en in Dibon-Gad[d]
kamp opgeslaan. **46** Daarna
het hulle van Dibon-Gad af weg-
getrek en in Al′mon-Diblata′im
kamp opgeslaan. **47** Toe het
hulle van Al′mon-Diblata′im[e] af
weggetrek en in die Aba′rimge-
bergte,[f] voor Nebo,[g] kamp op-
geslaan. **48** Laastens het hul-
le van die Aba′rimgebergte af
weggetrek en in die woestyn-
vlaktes van Moab[h] aan die Jor-
daan by Je′rigo kamp opgeslaan.
**49** En hulle kamp het by die
Jordaan gebly van Bet-Je′simot[i]
af tot by Abel-Sittim[j], in die
woestynvlaktes van Moab.

**50** En Jehovah het met Mo-
ses gepraat in die woestynvlak-
tes van Moab aan die Jordaan
by Je′rigo[k] en gesê: **51** “Praat
met die kinders van Israel, en
jy moet vir hulle sê: ‘Julle trek
deur die Jordaan die land Ka-
naän in.[l] **52** En julle moet al
die inwoners van die land voor
julle uit verdryf en al hulle
klipfigure vernietig,[m] en al hul-
le beelde van gegote metaal[n]
moet julle vernietig, en al hulle
heilige hoogtes moet julle ver-
woes.[o] **53** En julle moet die
land in besit neem en daarin
woon, want ek sal die land be-
slis aan julle gee om dit in be-
sit te neem.[p] **54** En julle moet
die land deur die lot[q] as ’n be-
sitting onder julle verdeel, vol-
gens julle families.[a] Vir die een
wat baie is, moet julle sy erf-
deel groter maak, en vir die een
wat min is, moet julle sy erfdeel
kleiner maak.[b] Waar die lot vir
hom uitkom, daar sal dit syne
word.[c] Volgens die stamme van
julle vaders moet julle vir julle
grond in besit neem.[d]

**55** “ ‘Maar as julle die inwo-
ners van die land nie voor julle
uit verdryf nie,[e] dan sal dié wat
julle van hulle laat oorbly, beslis
soos stekels in julle oë en soos
dorings in julle sye word, en hul-
le sal julle inderdaad teister in
die land waarin julle sal woon.[f]
**56** En net soos ek gedink het
om aan hulle te doen, sal ek aan
julle doen.’ ”[g]

**34** En Jehovah het verder
met Moses gepraat en ge-
sê: **2** “Gee bevel aan die kin-
ders van Israel, en jy moet vir
hulle sê: ‘Julle gaan die land Ka-
naän[h] in. Dit is die land wat jul-
le as erfdeel sal toeval,[i] die land
Kanaän volgens sy grense.[j]

**3** “ ‘En julle suidekant moet
van die wildernis Sin af langs
Edom wees,[k] en julle suideli-
ke grens moet van die verste
punt van die Soutsee[l] af wees,
aan die oostekant. **4** En jul-
le grens moet suid van die op-
draand van Akrab′bim[m] van rig-
ting verander en oorloop na
Zin, en die eindpunt daarvan
moet suid van Ka′des-Barne′a[n]
wees; en dit moet na Hasar-Ad-
dar[o] gaan en oorloop na Asmon.
**5** En by Asmon moet die grens
van rigting verander na die
stroomvallei van Egipte[p] toe,
en die eindpunt daarvan moet
by die See wees.[q]

**6** “ ‘Wat die westelike grens[r]
betref, dit moet vir julle die
Groot See en die kusland wees.
Dit moet julle westelike grens
word.

HFST. 33
a Nu 21:4
b Nu 21:10
c Ge 19:37; Nu 21:11; Nu 21:13
d Nu 21:30; Nu 32:34
e Jer 48:22
f Nu 27:12; De 32:49
g De 34:1
h Nu 22:1
i Jos 12:3; Jos 13:20
j Nu 25:1; Jos 2:1; Mi 6:5
k Nu 22:1; Jos 2:2; Heb 11:30
l De 7:1; De 9:1; Jos 3:17
m Le 26:1
n Eks 34:17; Le 19:4; De 27:15
o Eks 23:24; Eks 34:13; De 7:5; De 12:3
p De 32:8; Jer 27:5; Da 4:35
q Spr 16:33

Tweede kol.
a Nu 26:53
b Nu 26:54
c Jos 15:1
d Jos 16:1; Jos 18:11
e Rig 1:21; Ps 106:34
f Eks 23:33; De 7:4; Jos 23:13; Rig 2:3; Ps 106:36
g Le 18:28; Jos 23:15

HFST. 34
h Ge 15:18; Ge 17:8; Ps 105:11
i De 4:38; Jos 1:4; Jos 14:1; Jer 3:19
j Ge 10:19; Han 17:26
k Jos 15:1
l Ge 14:3; Jos 15:2
m Rig 1:36
n Nu 13:26; Nu 32:8
o Jos 15:3
p Jos 15:4; Jos 15:47
q Eks 23:31
r Jos 1:4; Jos 15:12

7 “ ‘En dít moet julle noorde-
like grens word: Van die Groot
See af moet julle julle grenslyn
na die berg Hor[a] trek. 8 Van
die berg Hor af moet julle die
grenslyn tot by die ingang van
Hamat[b] trek, en die eindpunt
van die grens moet by Sedad[c]
wees. 9 En die grens moet na
Sifron loop, en die eindpunt
daarvan moet Hasar-Enan[d]
wees. Dit moet julle noordelike
grens word.

10 “ ‘Dan moet julle julle oos-
telike grenslyn van Hasar-Enan
af na Sefam trek. 11 En van
Sefam af moet die grens afloop
na Ribla, oos van Ajin, en die
grens moet afloop en aan die
oostelike hang van die Kinne′-
retsee[e] raak. 12 En die grens
moet afloop na die Jordaan,
en die eindpunt daarvan moet
die Soutsee[f] wees. Dit sal jul-
le land[g] word volgens sy grense
rondom.’ ”

13 Toe het Moses die kinders
van Israel beveel en gesê: “Dit
is die land wat julle deur die
lot as ’n besitting onder julle sal
verdeel,[h] net soos Jehovah be-
veel het om aan die nege en ’n
half stamme te gee.[i] 14 Want
die stam van die kinders van die
Rubeniete volgens die huis van
hulle vaders en die stam van
die kinders van die Gadiete vol-
gens die huis van hulle vaders
het reeds hulle erfdeel geneem,
en die halwe stam van Manas′-
se het reeds hulle s’n geneem.[j]
15 Die twee en ’n half stamme
het reeds hulle erfdeel geneem
in die Jordaanstreek by Jeri-
go, ooswaarts, teen die sonsop-
gang.”[k]

16 En Jehovah het verder
met Moses gepraat en gesê:
17 “Dít is die name van die
manne wat die land vir jul-
le as ’n besitting moet verdeel:
die priester Elea′sar[l] en Josua,
die seun van Nun.[a] 18 En julle
moet uit elke stam een owerste
neem om die land as ’n besitting
te verdeel.[b] 19 En dít is die
name van die manne: Van die
stam Juda[c] Kaleb, die seun van
Jefun′ne;[d] 20 en van die stam
van die kinders van Si′meon[e]
Se′muel, die seun van Ammi′-
hud; 21 van die stam Benja-
min[f] Eli′dad, die seun van Kis-
lon; 22 en van die stam van
die kinders van Dan[g] ’n ower-
ste, Bukki, die seun van Jogli;
23 van die kinders van Josef,[h]
van die stam van die kinders
van Manas′se[i] ’n owerste, Han′-
niël, die seun van Efod; 24 en
van die stam van die kinders
van E′fraim[j] ’n owerste, Ke′mu-
el, die seun van Siftan; 25 en
van die stam van die kinders
van Se′bulon[k] ’n owerste, Eli′sa-
fan, die seun van Parnag;
26 en van die stam van die
kinders van Is′saskar[l] ’n ower-
ste, Pal′tiël, die seun van As-
san; 27 en van die stam van
die kinders van Aser[m] ’n ower-
ste, Ahi′hud, die seun van Selo′-
mi; 28 en van die stam van die
kinders van Naf′tali[n] ’n ower-
ste, Peda′el, die seun van Am-
mi′hud.” 29 Dit is hulle aan
wie Jehovah bevel gegee het om
die kinders van Israel grondbe-
sitters in die land Kanaän te
maak.[o]

**35** En Jehovah het met Mo-
ses gepraat in die woes-
tynvlaktes van Moab aan die
Jordaan[p] by Je′rigo en gesê:
2 “Gee bevel aan die kinders
van Israel dat hulle uit hulle
erflike besitting aan die Leviete
stede moet gee[q] om in te woon,
en hulle moet aan die Levie-
te die weiveld rondom die ste-
de gee.[r] 3 En die stede moet
vir hulle wees om in te woon,
terwyl hulle weivelde vir hulle

HFST. 34
a Nu 33:37, De 32:50
b Nu 13:21, 2Kn 14:25
c Ese 47:15
d Ese 47:17
e De 3:17, Jos 11:2, Lu 5:1, Joh 6:1
f Jos 15:2
g De 8:7
h Nu 26:55, Nu 33:54, Jos 14:2, Jos 18:6, Spr 16:33
i Jos 14:2
j Nu 32:33, De 3:12, De 3:13, Jos 13:8
k Nu 32:5, Nu 32:32
l Nu 3:32, Nu 20:26, Jos 14:1, Jos 19:51

Tweede kol.
a Nu 14:38, Nu 27:18
b Nu 1:4, Nu 1:16
c Jos 15:1
d Nu 14:30, Nu 26:65
e Jos 19:1
f Jos 18:11
g Jos 19:40
h Ge 46:20, Ge 48:5, Jos 16:1
i Jos 17:1
j Jos 16:5
k Jos 19:10
l Jos 19:17
m Jos 19:24
n Jos 19:32
o Nu 34:18, De 32:8, Jos 19:51, Han 17:26

HFST. 35
p Nu 22:1, Nu 31:12, Nu 36:13
q Ge 49:7, Le 25:32, De 18:1, Jos 14:4, Jos 21:2
r Le 25:34, Jos 21:3, Jos 21:11, 1Kr 6:64, 2Kr 11:14

mak diere en hulle goed en vir
al hulle wilde diere moet wees.
4 En die weivelde van die ste-
de, wat julle aan die Leviete
gee, moet van die stadsmuur
af buitentoe duisend el rond-
om wees. 5 En julle moet bui-
te die stad aan die oostekant
tweeduisend el meet en aan die
suidekant tweeduisend el en
aan die westekant tweeduisend
el en aan die noordekant twee-
duisend el, met die stad in die
middel. Dit sal vir hulle as wei-
velde van die stede dien.

6 "Dít is die stede wat julle
aan die Leviete moet gee: ses
vrystede,[a] wat julle moet gee
sodat hy wat iemand doodge-
maak het, daarheen kan vlug,[b]
en daarby moet julle twee-en-
veertig ander stede gee. 7 Al
die stede wat julle aan die Le-
viete gee, moet agt-en-veertig
stede wees, hulle saam met hul-
le weivelde.[c] 8 Die stede wat
julle gee, moet uit die besit-
ting van die kinders van Israel
wees.[d] Van dié wat baie is, moet
julle baie neem, en van dié wat
min is, moet julle min neem.[e]
Elkeen moet na gelang van sy
erfdeel wat hy as 'n besitting sal
neem, van sy stede aan die Le-
viete gee."

9 En Jehovah het voortge-
gaan om met Moses te praat en
gesê: 10 "Praat met die kin-
ders van Israel, en jy moet vir
hulle sê: 'Julle trek deur die
Jordaan na die land Kanaän.[f]
11 En julle moet stede uitkies
wat vir julle geskik is. As vry-
stede moet hulle vir julle dien,
en hy wat iemand doodmaak,
wat 'n siel onopsetlik dood-
slaan, moet daarheen vlug.[g]
12 En die stede moet vir julle
as 'n toevlug teen die bloedwre-
ker[h] dien, sodat hy wat iemand
doodgemaak het, nie sterf voor-
dat hy voor die vergadering
tereggestaan het nie.[a] 13 En
die stede wat julle gee, die
ses vrystede, sal tot julle be-
skikking wees. 14 Drie stede
moet julle aan hierdie kant van
die Jordaan[b] gee, en drie ste-
de moet julle in die land Ka-
naän[c] gee. As vrystede moet
hulle dien. 15 Vir die kinders
van Israel en vir die inwonen-
de vreemdeling[d] en vir die by-
woner onder hulle moet hierdie
ses stede as 'n toevlug dien, so-
dat elkeen wat 'n siel onopsetlik
doodslaan, daarheen kan vlug.[e]

16 " 'En as hy hom met 'n ys-
tervoorwerp geslaan het so-
dat hy sterf, is hy 'n moor-
denaar.[f] Die moordenaar moet
vir seker doodgemaak word.[g]
17 En as hy hom met 'n klein
klip, waardeur hy kan sterf, ge-
slaan het sodat hy sterf, is hy
'n moordenaar. Die moordenaar
moet vir seker doodgemaak
word. 18 En as hy hom met 'n
klein houtvoorwerp, waardeur
hy kan sterf, geslaan het sodat
hy sterf, is hy 'n moordenaar.
Die moordenaar moet vir seker
doodgemaak word.

19 " 'Die bloedwreker[h] moet
die moordenaar doodmaak.
Wanneer hy op hom af-
kom, moet hy hom doodmaak.
20 En as hy hom uit haat ge-
stamp het[i] of na hom gegooi
het terwyl hy hom voorgelê
het,[j] sodat hy sou sterf, 21 of
hy hom uit vyandigheid met
sy hand geslaan het sodat hy
sou sterf, moet die een wat ge-
slaan het, vir seker doodge-
maak word. Hy is 'n moorde-
naar. Die bloedwreker moet die
moordenaar doodmaak wan-
neer hy op hom afkom.[k]

22 " 'Maar as hy hom onvoor-
siens, sonder vyandigheid, ge-
stamp het of, sonder dat hy

HFST. 35
a Nu 35:13, Jos 20:2, Jos 20:7, Jos 20:8, Jos 21:13, Jos 21:21, Jos 21:27, Jos 21:32, Jos 21:36, Jos 21:38
b De 4:41, De 4:42, Jos 20:3
c Jos 21:3
d Ge 49:7
e Nu 26:54, Nu 33:54
f Eks 3:8, Eks 23:23, Nu 34:2
g Eks 21:13, De 4:42, De 19:4
h Nu 35:19, De 19:6, Jos 20:9

Tweede kol.
a De 19:11, De 19:12, Jos 20:5
b De 4:41, De 19:9
c Jos 20:7
d Eks 12:49, Le 19:34, Le 24:22, Nu 15:16
e Jos 20:3
f De 19:11
g Ge 9:5, Eks 21:12, Le 24:17, De 19:12
h Nu 35:12, De 19:6
i Ge 4:8, 2Sa 20:10
j Eks 21:14, De 19:11, Ps 10:8, Spr 1:18, Mr 6:19, Han 23:21
k Nu 35:19

hom voorgelê het, enige voorwerp na hom gegooi het,[a] **23** of enige klip waardeur hy kan sterf, sonder dat hy hom gesien het, of dit op hom laat val het, sodat hy gesterf het, terwyl hy hom nie vyandiggesind was nie en nie sy nadeel gesoek het nie, **24** dan moet die vergadering tussen die een wat geslaan het en die bloedwreker oordeel volgens hierdie regsbeslissings.[b] **25** En die vergadering[c] moet hom wat iemand doodgemaak het, uit die hand van die bloedwreker verlos, en die vergadering moet hom laat terugkeer na sy vrystad waarheen hy gevlug het, en hy moet daarin woon tot die dood van die hoëpriester wat met die heilige olie gesalf is.[d]

**26** "'Maar as hy wat iemand doodgemaak het, vir seker buite die grens van sy vrystad gaan waarheen hy gevlug het, **27** en die bloedwreker[e] hom buite die grens van sy vrystad vind, en die bloedwreker hom ombring wat iemand doodgemaak het, is daar geen bloedskuld op hom nie. **28** Want hy behoort tot die hoëpriester se dood in sy vrystad te woon,[f] en ná die hoëpriester se dood mag hy wat iemand doodgemaak het, na die land van sy besitting terugkeer. **29** En dit moet vir julle as 'n regsinsetting dien in al julle geslagte, in al julle woonplekke.

**30** "'Elkeen wat 'n siel doodslaan, moet uit die mond van getuies[g] as 'n moordenaar[h] omgebring word, en een getuie mag nie teen 'n siel getuig om hom te laat sterf nie. **31** En julle mag geen losprys aanneem vir die siel van 'n moordenaar wat verdien om te sterf nie,[i] want hy moet vir seker doodgemaak word.[a] **32** En julle mag geen losprys aanneem vir iemand wat na sy vrystad gevlug het, sodat hy voor die dood van die hoëpriester weer in die land kan woon nie.

**33** "'En julle mag die land waarin julle is, nie besoedel nie; want bloed besoedel die land,[b] en vir die land is daar geen versoening vir die bloed wat daarin vergiet is nie, behalwe deur die bloed van hom wat dit vergiet het.[c] **34** En julle mag die land waarin julle woon, waarin ek woon, nie verontreinig nie; want ek, Jehovah, woon in die midde van die kinders van Israel.'"[d]

**36** En die hoofde van die vaderhuise van die familie van die kinders van Gi'lead, die seun van Magir,[e] die seun van Manas'se, van die families van die kinders van Josef, het nader gekom en voor Moses en die owerstes, die hoofde van die vaderhuise van die kinders van Israel, gepraat **2** en gesê: "Jehovah het my heer beveel om die land deur die lot aan die kinders van Israel as erfdeel te gee;[f] en my heer is deur Jehovah beveel om die erfdeel van ons broer Selof'had aan sy dogters te gee.[g] **3** As enigeen van die seuns van die ander stamme van die kinders van Israel hulle as vrouens sou kry, dan sal die vroue se erfdeel aan die erfdeel van ons vaders onttrek word en by die erfdeel van die stam gevoeg word waaraan hulle sal behoort, sodat dit aan ons erfdeel wat deur die lot toegewys is, onttrek sal word.[h] **4** En as die Jubeljaar[i] vir die kinders van Israel aanbreek, dan sal die vroue se erfdeel by die erfdeel van die stam gevoeg word waaraan hulle sal behoort; sodat hulle

HFST. 35
a Eks 21:13, De 19:5, Jos 20:3, Jos 20:5
b Nu 35:12, Jos 20:4
c Rig 20:13
d Eks 29:7, Le 21:10, Heb 3:1
e Nu 35:12, Nu 35:19
f Jos 20:6
g De 17:6, De 19:15, Mt 18:16, Joh 8:17, 2Ko 13:1, 1Ti 5:19, Heb 10:28
h Ge 9:6, Eks 20:13, De 5:17
i 1Jo 3:15

Tweede kol.
a Ge 9:5, Eks 21:14, De 19:13
b Ge 4:10, Ps 106:38, Lu 11:50
c Ge 9:6
d Eks 25:8, Eks 29:46, Le 26:12, 1Kn 6:13

HFST. 36
e Nu 26:29, Jos 17:1
f Nu 26:55, Nu 33:54
g Nu 27:1, Nu 27:7
h Nu 27:4
i Le 25:10

erfdeel aan die erfdeel van die
stam van ons vaders onttrek sal
word."
**5** Toe het Moses die kinders
van Israel op bevel van Jeho-
vah gebied en gesê: "Die stam
van die kinders van Josef praat
reg. **6** Dít is die woord wat Je-
hovah aangaande die dogters
van Selof′had beveel het[a] deur
te sê: 'Hulle mag die vrouens
word van wie dit goed is in hul-
le oë. Hulle moet net die vrou-
ens word van die familie van die
stam van hulle vaders.[b] **7** En
geen erfdeel van die kinders
van Israel mag van stam tot
stam oorgaan nie, want die kin-
ders van Israel moet elkeen aan
die erfdeel van die stam van sy
voorvaders vashou. **8** En elke
dogter wat 'n erflike besitting
uit die stamme van die kinders
van Israel kry, moet die vrou
word van iemand uit die familie
van die stam van haar vader,[c]
sodat die kinders van Israel elk-
een die erfdeel van sy voor-
vaders in besit kan kry. **9** En
geen erfdeel mag van een stam
op 'n ander stam oorgaan nie,
want die stamme van die kin-
ders van Israel moet elkeen aan
sy erfdeel vashou.'"
**10** Net soos Jehovah Moses
beveel het, so het die dogters
van Selof′had gedoen.[a] **11** Ge-
volglik het Magla, Tirsa en Hog-
la en Milka en Noa, die dogters
van Selof′had,[b] die vrouens ge-
word van die seuns van hulle va-
der se broers. **12** Hulle het die
vrouens geword van manne uit
die families van die kinders van
Manas′se, die seun van Josef, so-
dat hulle erfdeel by die stam van
die familie van hulle vader kon
bly.
**13** Dit is die gebooie[c] en die
regterlike beslissings wat Jeho-
vah die kinders van Israel deur
middel van Moses beveel het in
die woestynvlaktes van Moab
aan die Jordaan by Je′rigo.[d]

HFST. 36
a Nu 36:2
b Nu 36:12
c 1Kr 23:22

Tweede kol.
a Nu 36:6
b Nu 27:1
c De 30:8; Jos 22:5; Pr 12:13
d Nu 26:3; Nu 33:50; Nu 35:1

# DEUTERONOMIUM

**1** Dit is die woorde wat Moses
met die hele Israel gespreek
het in die Jordaanstreek[a] in die
wildernis, in die woestynvlak-
tes teenoor Suf, tussen Paran[b]
en Tofel en Laban en Ha′serot[c]
en Di-Sahab; **2** dit is elf dae
van Horeb af met die pad van
die berg Seïr tot by Ka′des-
Barne′a.[d] **3** En in die veer-
tigste[e] jaar, in die elfde maand,
op die eerste van die maand,
het Moses met die kinders van
Israel gepraat volgens alles wat
Jehovah hom ten opsigte van
hulle beveel het, **4** nadat hy
Sihon,[f] die koning van die Amo-
riete, wat in Hesbon gewoon
het, en Og,[a] die koning van Ba-
san, wat in As′tarot[b] gewoon
het, in Edre′ï[c] verslaan het.
**5** In die Jordaanstreek, in die
land Moab, het Moses onder-
neem om hierdie wet[d] te verdui-
delik deur te sê:
**6** "Jehovah ons God het met
ons in Horeb[e] gepraat en gesê:
'Julle het lank genoeg in hierdie
bergstreek gewoon.[f] **7** Draai
weg en vertrek en gaan na
die bergstreek van die Amo-
riete[g] en na al hulle bure in
die A′raba,[h] die bergstreek[i] en

HFST. 1
a Jos 22:4
b Nu 10:12
c Nu 33:18
d Nu 13:26; De 9:23; Jos 14:7
e Nu 32:13; Nu 33:38
f Nu 21:23; Jos 12:2

Tweede kol.
a Nu 21:33; Ne 9:22; Ps 135:11
b Jos 9:10
c Jos 13:12
d De 4:8; De 17:18; Ne 8:7
e De 4:15; 1Kn 8:9
f Eks 19:1; Nu 10:11; Nu 10:12

g Ge 15:16; Jos 10:6; h De 3:17; De 4:49; Jos 12:3; i Nu 13:17.

die Sjefe′la en die Negeb[a] en
die seekus,[b] die land van die
Kanaäniete,[c] en die Li′banon,[d]
tot by die groot rivier, die Eu-
fraatrivier.[e] **8** Kyk, ek stel
die land voor julle. Gaan in en
neem die land in besit wat Jeho-
vah aan julle vaders, aan Abra-
ham, Isak[f] en Jakob,[g] met ’n eed
beloof het om dit aan hulle en
hulle saad ná hulle te gee.’[h]

**9** “En ek het in dié tyd vir
julle gesê: ‘Ek kan julle nie al-
leen dra nie.[i] **10** Jehovah jul-
le God het julle vermenigvuldig,
en kyk, julle is vandag so talryk
soos die sterre van die hemel.[j]
**11** Mag Jehovah, die God van
julle voorvaders, julle duisend
keer meer maak[k] as wat julle is,
en mag hy julle seën[l] net soos
hy julle beloof het.[m] **12** Hoe
kan ek alleen die las van jul-
le en die vrag van julle en julle
rusies dra?[n] **13** Neem wyse en
verstandige[o] en ervare[p] manne
van julle stamme, sodat ek hul-
le as hoofde oor julle kan aan-
stel.’[q] **14** Daarop het julle my
geantwoord en gesê: ‘Wat u ge-
sê het ons moet doen, is goed.’
**15** Toe het ek die hoofde van
julle stamme geneem, wyse en
ervare manne, en hulle as hoof-
de oor julle aangestel, hoofde
oor duisend en hoofde oor hon-
derd en hoofde oor vyftig en
hoofde oor tien en beamptes
van julle stamme.[r]

**16** “En ek het in dié tyd jul-
le regters beveel en gesê: ‘Wan-
neer julle ’n saak tussen julle
broers verhoor, moet julle met
regverdigheid oordeel[s] tussen
’n man en sy broer of sy inwo-
nende vreemdeling.[t] **17** Julle
mag in die regspraak nie party-
dig wees nie.[u] Julle moet klein
en groot op dieselfde wyse aan-
hoor.[v] Julle mag nie bang word
vir ’n mens nie,[w] want die reg-
spraak is God s’n;[x] en die saak
wat vir julle te moeilik is, moet
julle voor my bring, en ek sal dit
verhoor.’[a] **18** En ek het julle
in dié tyd al die dinge beveel
wat julle moet doen.

**19** “Toe het ons van Horeb
af weggetrek en deur daardie
hele groot en vreesinboesemen-
de wildernis getrek,[b] wat jul-
le gesien het, met die pad van
die bergstreek van die Amorie-
te,[c] net soos Jehovah ons God
ons beveel het; en ons het uit-
eindelik by Ka′des-Barne′a[d] ge-
kom. **20** Ek het toe vir julle
gesê: ‘Julle het by die berg-
streek van die Amoriete ge-
kom, wat Jehovah ons God aan
ons gee.[e] **21** Kyk, Jehovah jou
God het die land aan jou oorge-
lewer.[f] Trek op, neem dit in be-
sit net soos Jehovah, die God
van jou voorvaders, vir jou gesê
het.[g] Moenie bang of verskrik
wees nie.’[h]

**22** “Maar julle almal het na
my toe gekom en gesê: ‘Laat ons
tog manne voor ons uit stuur
sodat hulle vir ons die land kan
verken en vir ons berig kan
bring oor die pad waarlangs ons
moet optrek en die stede waar-
by ons sal kom.’[i] **23** Wel, die
saak was goed in my oë, so-
dat ek twaalf man van julle ge-
neem het, een vir elke stam.[j]
**24** Toe het hulle weggedraai en
na die bergstreek opgetrek[k] en
tot by die Eskolstroomvallei[l] ge-
kom en dit verken. **25** En hul-
le het van die vrugte van die
land[m] in hulle hand geneem en
dit na ons toe afgebring, en
hulle het vir ons berig gebring
en gesê: ‘Die land wat Jehovah
ons God aan ons gee, is goed.’[n]
**26** Maar julle wou nie optrek
nie,[o] en julle het julle opstandig
begin gedra teen die bevel van
Jehovah julle God.[p] **27** En jul-
le het in julle tente bly kla en ge-
sê: ‘Omdat Jehovah ons gehaat

**HFST. 1**

a Ge 12:9, Nu 21:1
b Jos 9:1
c Nu 34:2
d Jos 13:1, Jos 13:5, 1Kn 9:19
e Ge 15:18
f Ge 26:3
g Ge 28:13
h Ge 12:7, Ge 13:15, Ge 17:7
i Eks 18:18
j Ge 15:5, Eks 32:13, Nu 26:51, De 10:22
k 1Kn 3:8, 1Kr 27:23, Ps 115:14
l Ge 26:4, Eks 23:25, Spr 10:22
m Ge 12:2, Ge 22:17
n Eks 18:18, Nu 11:11, Nu 20:3, Nu 27:14
o 1Ti 3:2
p 1Ti 3:4, 1Ti 3:6
q Eks 18:21
r Eks 18:25
s Eks 23:8, De 16:18, Joh 7:24
t Eks 22:21, Le 19:34, Le 24:22
u Le 19:15, 1Sa 16:7, Spr 24:23, Lu 20:21, Ro 2:11
v Eks 23:3, Jak 2:4
w Spr 29:25
x 2Kr 19:6

**Tweede kol.**

a Eks 18:26
b Nu 10:12, De 8:15, Jer 2:6
c Ge 15:16, Nu 13:29
d Nu 13:26, Nu 32:8
e De 1:7
f De 1:8, De 31:6
g Eks 23:27
h Nu 14:9, Jos 1:9, Ps 27:1, Jes 41:10, Heb 13:6
i Nu 13:2
j Nu 13:3
k Nu 13:17
l Nu 13:24
m Nu 13:23, Nu 13:26
n Nu 13:27
o Heb 10:38
p Nu 14:1, Nu 14:4, Ps 106:24

het,[a] het hy ons uit Egipteland
uitgelei[b] om ons in die hand van
die Amoriete te gee, om ons te
verdelg.[c] **28** Waarheen trek
ons op? Ons broers het ons hart
laat smelt[d] deur te sê: “ ’n Volk,
groter en langer as ons,[e] stede,
groot en tot aan die hemel ver-
sterk,[f] en ook die kinders van
die Enakiete[g] het ons daar ge-
sien.” ’

**29** “Toe het ek vir julle ge-
sê: ‘Julle moenie sidder of bang
wees vir hulle nie.[h] **30** Jeho-
vah julle God trek voor julle
uit. Hy sal vir julle veg[i] ooreen-
komstig alles wat hy voor jul-
le oë met julle in Egipte gedoen
het[j] **31** en in die wildernis,[k]
waar jy gesien het hoe Jehovah
jou God jou gedra het[l] soos ’n
man sy seun dra, op die hele pad
waarlangs julle gegaan het, tot-
dat julle by hierdie plek gekom
het.’[m] **32** Maar ondanks hier-
die woord het julle nie geloof
gestel in Jehovah julle God nie,[n]
**33** wat voor julle uit getrek het
op die pad om vir julle ’n plek
uit te soek waar julle kamp kon
opslaan,[o] snags deur vuur sodat
julle kon sien met watter pad
julle moes gaan, en bedags deur
’n wolk.[p]

**34** “Die hele tyd het Jeho-
vah die stem van julle woorde
gehoor. Toe het hy verontwaar-
dig geraak en gesweer[q] en ge-
sê: **35** ‘Geeneen onder hierdie
manne van hierdie bose geslag
sal die goeie land sien wat ek
met ’n eed beloof het om aan jul-
le vaders te gee nie,[r] **36** behal-
we Kaleb, die seun van Jefun′-
ne.[s] Hy sal dit sien, en aan hom
en aan sy kinders sal ek die land
gee waarop hy geloop het, om-
dat hy Jehovah volkome gevolg
het.[t] **37** (Selfs op my het Je-
hovah vertoornd geword weens
julle en gesê: ‘Ook jy sal nie
daar ingaan nie.[u] **38** Josua,
die seun van Nun, wat voor jou
staan, hy sal daar ingaan.’[a] Hom
het hy versterk,[b] want hy sal Is-
rael dit laat beërf.) **39** Wat jul-
le kindertjies betref van wie jul-
le gesê het: “Hulle sal roofgoed
word!”[c] en julle kinders wat
vandag geen goed of kwaad ken
nie, hulle sal daar ingaan, en
aan hulle sal ek dit gee, en hulle
sal dit in besit neem. **40** Wat
julle betref, verander van rig-
ting en trek weg na die wilder-
nis met die pad van die Rooi
See.’[d]

**41** “Hierop het julle geant-
woord en vir my gesê: ‘Ons het
teen Jehovah gesondig.[e] Ons
—ons sal optrek en veg ooreen-
komstig alles wat Jehovah ons
God ons beveel het!’ Toe het elk-
een van julle sy oorlogswapens
aangegord en dit as iets mak-
liks beskou om in die gebergte
op te trek.[f] **42** Maar Jehovah
het vir my gesê: ‘Sê vir hulle:
“Julle mag nie optrek en veg
nie, want ek is nie in julle mid-
de nie;[g] sodat julle nie voor jul-
le vyande verslaan word nie.” ’[h]
**43** Ek het dus met julle ge-
praat, en julle het nie geluis-
ter nie, maar het julle opstan-
dig begin gedra[i] teen Jehovah
se bevel en driftig geraak, en
julle het in die gebergte probeer
optrek.[j] **44** Toe het die Amo-
riete wat in dié gebergte ge-
woon het, julle tegemoetgetrek
en julle agternagesit,[k] soos bye
maak, en julle in Seïr verstrooi
tot by Horma.[l] **45** Daarna het
julle teruggekeer en voor Jeho-
vah begin huil, maar Jehovah
het nie na julle stem geluister
nie,[m] en ook het hy julle geen
gehoor gegee nie.[n] **46** Toe het
julle baie dae in Kades gebly, so-
veel dae as wat julle daar gebly
het.[o]

**HFST. 1**

a Spr 19:3
b Eks 3:8; Ese 20:6
c Nu 14:3
d Nu 32:9; De 20:8; Jos 14:8
e Nu 13:33; De 2:10
f Nu 13:28; De 9:1
g Nu 13:22; Jos 11:21
h Nu 14:9
i Eks 14:14; De 20:4; Jos 10:42; 2Kr 14:11; Ps 46:11
j Nu 14:22; Ps 78:12; Ps 105:27
k Ps 78:15
l Eks 19:4; De 32:11
m Ps 77:20
n Ps 78:22; Ps 106:24; Heb 3:16; Heb 3:19; Jud 5
o Nu 10:33
p Eks 13:21; Eks 40:36; Nu 10:34; Ne 9:12; Ps 78:14; Ps 105:39
q Nu 14:28; Nu 14:35; Nu 32:10; De 2:14; Ps 95:11; Heb 3:11
r Nu 14:29; Han 13:18; 1Ko 10:5; Heb 3:17
s Nu 14:30
t Nu 14:24; Jos 14:9
u Nu 20:12; Nu 27:13; De 3:26; Ps 106:32

**Tweede kol.**

a Eks 33:11; Nu 11:28; Nu 14:38
b Nu 27:18; De 31:7; Jos 1:6
c Nu 14:3; Nu 14:31
d Nu 14:25
e Nu 14:39
f Nu 14:40
g Le 26:17; Nu 14:42
h Nu 14:43
i Nu 14:41; Jes 63:10; Jer 11:8; Han 7:51
j Nu 14:44
k De 28:25; De 32:30
l Nu 14:45
m Ps 78:34; Spr 28:9
n Ps 66:18

o Nu 13:25.

2 “Toe het ons gedraai en
weggetrek na die wildernis
met die pad van die Rooi See,
net soos Jehovah vir my ge-
sê het;[a] en ons het baie dae om
die berg Seïr getrek. 2 Uitein-
delik het Jehovah vir my gesê:
3 ‘Julle het lank genoeg om
hierdie berg getrek.[b] Verander
van rigting na die noorde toe.
4 En beveel die volk en sê: “Jul-
le trek langs die grens verby
van julle broers,[c] die kinders
van Esau,[d] wat in Seïr woon;[e]
en hulle sal bang wees vir jul-
le,[f] en julle moet baie versigtig
wees. 5 Moenie die stryd met
hulle aanknoop nie, want ek sal
julle van hulle land nie eens
die breedte van ’n voetsool gee
nie; want ek het die berg Seïr
aan Esau as ’n besitting ge-
gee.[g] 6 Die voedsel wat julle
van hulle vir geld koop, sal julle
eet; en ook die water wat julle
van hulle vir geld koop, sal jul-
le drink.[h] 7 Want Jehovah jou
God het jou in al die werk van
jou hand geseën.[i] Hy is deeglik
bewus van jou trek deur hierdie
groot wildernis. Hierdie veer-
tig[j] jaar was Jehovah jou God
met jou. Jy het niks kortgekom
nie.” ’[k] 8 Toe het ons verder
getrek, weg van ons broers, die
kinders van Esau,[l] wat in Seïr
woon, van die pad van die A′ra-
ba,[m] van Elat en van E′seon-Ge′-
ber[n] af.

“Daarna het ons weggedraai
en verder getrek met die pad
van die wildernis van Moab.[o]
9 Jehovah het toe vir my
gesê: ‘Moenie Moab lastig val
of teen hulle oorlog voer nie,
want ek sal jou niks van sy
land as ’n besitting gee nie, om-
dat ek Ar[p] aan die kinders van
Lot[q] as ’n besitting gegee het.
10 (Die Emiete[r] het in vroeër
tye daarin gewoon, ’n groot en
talryke volk, en lank soos die
Enakiete.[a] 11 Wat die Refaïe-
te[b] betref, ook hulle is soos
die Enakiete[c] beskou, en die
Moabiete het hulle Emiete ge-
noem. 12 En die Horiete[d] het
in vroeër tye in Seïr gewoon,
en die kinders van Esau[e] het
hulle uit hulle besitting ver-
dryf en hulle voor hulle uit
verdelg en in hulle plek gaan
woon,[f] net soos Israel moet
doen met die land wat sy be-
sitting is, wat Jehovah beslis
aan hulle sal gee.) 13 Staan
nou op en trek deur die Se-
redstroomvallei.’ Gevolglik het
ons deur die Seredstroomvallei[g]
getrek. 14 En die dae dat ons
getrek het van Ka′des-Barne′a
af totdat ons deur die Sered-
stroomvallei gegaan het, was
agt-en-dertig jaar, totdat die
hele geslag van die krygsman-
ne aan hulle einde gekom en
uit die kamp verdwyn het, net
soos Jehovah vir hulle gesweer
het.[h] 15 En ook was die hand[i]
van Jehovah teen hulle om hulle
te verontrus en uit die kamp te
verwyder, totdat hulle aan hul-
le einde gekom het.[j]

16 “En toe al die krygsman-
ne heeltemal onder die volk uit
weggesterf het,[k] 17 het Jeho-
vah verder met my gepraat en
gesê: 18 ‘Jy trek vandag ver-
by die gebied van Moab, dit wil
sê Ar,[l] 19 en jy sal vlak voor
die kinders van Ammon kom.
Moenie hulle lastig val of die
stryd met hulle aanknoop nie,
want ek sal jou niks van die
land van die kinders van Am-
mon as ’n besitting gee nie, om-
dat ek dit aan die kinders van
Lot as ’n besitting gegee het.[m]
20 Dit is ook voorheen as die
land van die Refaïete[n] beskou.
(Die Refaïete het in vroeër tye

HFST. 2
a Nu 14:25; De 1:40
b De 2:7
c Ge 36:8; Nu 20:14; De 23:7
d Ge 27:40; Ge 36:10
e Ge 27:39; Ge 36:9; De 2:8
f Eks 15:15; Eks 23:27; De 2:25
g Ge 32:3; Ge 36:8; De 32:8; Jos 24:4; 2Kr 20:10; Han 17:26
h Nu 20:19
i Ge 12:2; Spr 10:22
j De 8:2; De 29:5; Ps 95:10; Han 13:18
k Ne 9:21; Ps 23:1; Ps 34:9; Ps 34:10; Ps 37:25; Flp 4:19
l Nu 20:20; Nu 20:21; Nu 21:4; Rig 11:18
m De 11:30
n 2Kr 8:17
o Nu 21:13; Rig 11:17; 2Kr 20:10
p Nu 21:15; De 2:18; Jes 15:1
q Ge 19:37
r Ge 14:5

Tweede kol.
a Nu 13:33; Jos 14:15
b Ge 14:5; De 3:11; 1Kr 20:6
c Nu 13:22; Nu 13:28; Nu 13:33; De 1:28; De 9:2
d Ge 14:6; Ge 36:20; 1Kr 1:39
e Ge 36:10
f Ge 27:39; Ge 27:40
g Nu 21:12
h Nu 14:33; Nu 32:11; De 1:35; Ps 95:11; Ps 106:26; Ese 20:15; Heb 3:18; Jud 5
i Heb 10:31
j 1Ko 10:5
k Nu 26:64
l Nu 21:15; Nu 21:28

m Ge 19:38; De 2:9; Rig 11:15; 2Kr 20:10; Han 17:26; n Ge 15:20; De 3:11; Jos 17:15.

daarin gewoon, en die Ammo-
niete het hulle Samsummie-
te genoem. **21** Hulle was ’n
groot en talryke volk, en lank
soos die Enakiete;[a] en Jehovah
het hulle voor hulle uit ver-
delg,[b] sodat hulle hulle uit hulle
besitting kon verdryf en in hul-
le plek kon woon; **22** net soos
hy vir die kinders van Esau ge-
doen het, wat in Seïr woon,[c] toe
hy die Horiete[d] voor hulle uit
verdelg het, sodat hulle dié uit
hulle besitting kon verdryf en in
hulle plek kon woon tot vandag
toe. **23** Wat die Awwiete[e] be-
tref, wat in nedersettings tot by
Gasa[f] gewoon het, die Kaftorie-
te,[g] wat uit Kaftor[h] gekom het,
het hulle verdelg, sodat hulle in
hulle plek kon woon.)

**24** “‘STAAN OP, trek weg en
trek deur die Arnonstroomval-
lei.[i] Kyk, ek het Sihon,[j] die ko-
ning van Hesbon, die Amoriet,
in jou hand gegee. Begin dus sy
land in besit neem en voer oor-
log teen hom. **25** Vandag sal
ek die skrik vir jou en die vrees
vir jou op die volke onder die
hele hemel begin lê, wat die be-
rig oor jou sal hoor; en hulle sal
inderdaad weens jou in beroe-
ring wees en pyne hê soos dié by
’n geboorte.’[k]

**26** “Toe het ek boodskappers
uit die wildernis Kede′mot[l] ge-
stuur na Sihon,[m] die koning
van Hesbon, met woorde van
vrede,[n] om te sê: **27** ‘Laat my
deur u land trek. Ek sal net
met die pad langs gaan. Ek sal
nie regs of links uitdraai nie.[o]
**28** Die voedsel wat u aan my vir
geld sal verkoop, sal ek eet; en
die water wat u aan my vir geld
sal gee, sal ek drink. Laat my
net te voet deurtrek,[p] **29** net
soos die kinders van Esau wat
in Seïr woon[q] en die Moabiete[r]
wat in Ar woon, met my gedoen
het, totdat ek deur die Jordaan
trek na die land wat Jehovah
ons God aan ons gee.’[a] **30** En
Sihon, die koning van Hesbon,
het ons nie by hom laat deur-
trek nie, want Jehovah jou God
het sy gees onversetlik laat
word[b] en sy hart laat verhard,
ten einde hom in jou hand te
gee, net soos vandag.[c]

**31** “Hierop het Jehovah vir
my gesê: ‘Kyk, ek het Sihon en
sy land aan jou begin oorlewer.
Begin sy land in besit neem.’[d]
**32** Toe Sihon uittrek, hy en
al sy manskappe, om ons by Ja-
has in die geveg te ontmoet,[e]
**33** het Jehovah ons God hom
aan ons oorgelewer,[f] sodat ons
hom en sy seuns en al sy man-
skappe verslaan het.[g] **34** En
ons het in dié tyd al sy ste-
de ingeneem en elke stad aan
vernietiging oorgegee,[h] manne
en vroue en kindertjies. Ons
het geen oorlewende laat oor-
bly nie. **35** Net die mak diere
het ons as roofgoed vir ons ge-
neem, saam met die buit van
die stede wat ons ingeneem
het.[i] **36** Van A′roër[j] af, wat
aan die oewer van die Arnon-
stroomvallei lê, en die stad wat
in die stroomvallei lê, tot by
Gi′lead was daar geen stad wat
vir ons te hoog was nie.[k] Jeho-
vah ons God het hulle almal aan
ons oorgelewer. **37** Jy het net
nie naby die land van die kin-
ders van Ammon,[l] die hele oe-
wer van die Jabbokstroomval-
lei,[m] gekom nie, en ook nie naby
die stede van die bergstreek of
enigiets waaroor Jehovah ons
God bevel gegee het nie.

**3** “Daarna het ons wegge-
draai en met die pad van Ba-
san opgetrek. Hierop het Og,[n]
die koning van Basan, uitge-
trek, hy en al sy manskappe, om
ons by Edre′ï[o] in die geveg te

**HFST. 2**

a Nu 13:33; De 2:10; De 9:2
b Eks 15:3; Ps 24:8
c Ge 36:8
d Ge 14:6; Ge 36:20; De 2:12
e Jos 13:3
f Ge 10:19; Jos 11:22
g Ge 10:14; 1Kr 1:12
h Jer 47:4; Am 9:7; Han 27:13
i Nu 21:13; Rig 11:18
j Nu 21:23; Jos 9:10
k Eks 15:14; Eks 23:27; De 11:25; Jos 2:9
l Jos 13:18; Jos 21:37
m Nu 21:21
n De 20:10
o Nu 21:22; Rig 11:19
p Nu 20:19
q De 2:8
r De 2:9; De 2:18

**Tweede kol.**

a De 9:5; Jos 1:11
b Job 34:11; Ro 9:18
c Nu 21:25; Ps 135:10; Ps 136:18
d Nu 32:33; Ps 135:12
e Nu 21:23; Rig 11:20
f De 20:13; Ne 9:22; Ps 135:11; Ps 136:18
g Nu 21:24; De 29:7
h Le 27:28; Nu 31:17; De 20:16; De 20:17
i Jos 8:27
j De 3:12; De 4:48; Jos 13:9
k Jos 1:5; Ps 44:3
l De 3:16; Rig 11:15
m Nu 21:24; Jos 12:2

**HFST. 3**

n Nu 21:33; De 29:7; Jos 9:10; Ne 9:22
o Jos 12:4; Jos 13:12

ontmoet. **2** Toe het Jehovah
vir my gesê: ‘Moenie vir hom
bang wees nie,[a] want ek sal hom
en sy hele volk en sy land beslis
in jou hand gee; en jy moet met
hom doen net soos jy gedoen
het met Sihon,[b] die koning van
die Amoriete, wat in Hesbon ge-
woon het.’ **3** Gevolglik het Je-
hovah ons God ook Og, die ko-
ning van Basan, en sy hele volk
in ons hand gegee, en ons het
hom verslaan totdat daar van
hom geen oorlewende oorge-
bly het nie.[c] **4** En ons het in
dié tyd al sy stede ingeneem.
Daar was geen stad wat ons
nie van hulle afgeneem het nie,
sestig stede,[d] die hele Argob-
streek,[e] die koninkryk van Og
in Basan.[f] **5** Al hierdie stede
was versterk met ’n hoë muur,
deure en grendels, benewens ’n
baie groot aantal plattelandse
dorpe. **6** Ons het hulle egter
aan vernietiging oorgegee,[g] net
soos ons met Sihon, die koning
van Hesbon, gedoen het deur
elke stad aan vernietiging oor
te gee, manne, vroue en kinder-
tjies.[h] **7** En al die mak diere
en die buit van die stede het ons
vir ons as roofgoed geneem.[i]

**8** “En ons het in dié tyd die
land uit die hand van die twee
konings van die Amoriete[j] ge-
neem wat in die Jordaanstreek
was, van die Arnonstroomval-
lei[k] af tot by die berg Hermon;[l]
**9** (die Sidoniërs het Hermon
Sirjon[m] genoem, en die Amo-
riete het dit Senir[n] genoem),
**10** al die stede van die hoog-
vlakte en die hele Gi′lead en
die hele Basan tot by Salka[o]
en Edre′ï,[p] die stede van die
koninkryk van Og in Basan.
**11** Want net Og, die koning van
Basan, het oorgebly van wat oor
was van die Refaïete.[q] Kyk! Sy
baar was ’n ysterbaar. Is dit nie
in Rabba[a] van die kinders van
Ammon nie? Nege el is sy leng-
te en vier el sy breedte, volgens
die el van ’n man. **12** En ons
het hierdie land in dié tyd in be-
sit geneem; van A′roër[b] af, wat
aan die Arnonstroomvallei lê,
en die helfte van die bergstreek
van Gi′lead en die stede daar-
van het ek aan die Rubeniete en
die Gadiete gegee.[c] **13** En die
res van Gi′lead[d] en die hele Ba-
san[e] van die koninkryk van Og
het ek aan die halwe stam van
Manas′se gegee. Word die hele
Argobstreek[f] van die hele Ba-
san nie die land van die Refaïe-
te[g] genoem nie?

**14** “Jaïr,[h] die seun van Ma-
nas′se, het die hele Argob-
streek[i] tot by die grens van die
Gesuriete[j] en die Maägatiete[k]
geneem, en hy het daardie dor-
pies van Basan na sy eie naam
genoem, Hawwot-Jaïr,[l] tot van-
dag toe. **15** En aan Magir[m]
het ek Gi′lead gegee.[n] **16** En
aan die Rubeniete[o] en die Ga-
diete het ek van Gi′lead[p] af tot
by die Arnonstroomvallei gegee
—die middel van die stroomval-
lei is ’n grens—en tot by Jab-
bok, die stroomvallei wat die
grens van die kinders van Am-
mon[q] vorm; **17** en die A′raba
en die Jordaan en die aangren-
sende gebied, van Kinne′ret[r] af
tot by die see van die A′raba, die
Soutsee,[s] aan die voet van die
hange van Pisga[t] teen die sons-
opgang.

**18** “Toe het ek julle in dié
tyd beveel en gesê: ‘Jehovah jul-
le God het aan julle hierdie land
gegee om dit in besit te neem.
Julle moet toegerus voor julle
broers, die kinders van Israel,
oortrek, al die dapper manne.[u]
**19** Net julle vrouens en julle
kindertjies en julle vee (ek weet
goed dat julle baie vee het) sal in

**HFST. 3**
a Nu 14:9, Nu 21:34, De 20:3
b Nu 21:24
c Nu 21:35, Jos 13:12
d Nu 32:33, Jos 13:30
e 1Kn 4:13
f De 29:8
g Le 27:29
h Le 18:25, De 2:34, Ese 9:6
i De 2:35, Jos 8:27
j Nu 32:33
k Jos 12:2, Jos 13:9
l Jos 11:3, Hgl 4:8
m Ps 29:6
n 1Kr 5:23, Ese 27:5
o Jos 12:5, Jos 13:11
p Nu 21:33, Jos 13:12
q Ge 14:5

**Tweede kol.**
a 2Sa 12:26, Jer 49:2
b Nu 32:34, De 4:48, Jos 12:2
c Nu 32:33
d Ge 31:21, Nu 32:39, Jos 13:31, Rig 10:4
e Jos 13:30, 1Kr 5:23
f 1Kn 4:13
g Ge 15:20
h 1Kr 2:22
i De 3:4
j Jos 13:13, 2Sa 3:3
k Jos 12:5
l Nu 32:41
m Ge 50:23, Jos 17:1
n Nu 32:39
o Nu 32:33
p De 3:8, Jos 22:9
q Nu 21:24, Jos 12:2
r Nu 34:11
s Ge 14:3, Nu 34:12, Jos 12:3
t De 34:1
u Nu 32:20

julle stede bly woon wat ek aan
julle gegee het,[a] **20** totdat Je-
hovah aan julle broers, sowel as
aan julle, rus gee, en ook hul-
le die land in besit geneem het
wat Jehovah julle God aan hulle
oorkant die Jordaan gee; waar-
na julle moet terugkom, elkeen
na sy besitting wat ek aan julle
gegee het.'[b]

**21** "En ek het Josua[c] in dié
tyd beveel en gesê: 'Jou oë
sien alles wat Jehovah julle
God aan hierdie twee konings
gedoen het. So sal Jehovah ook
doen aan al die koninkryke
waarheen jy oortrek.[d] **22** Jul-
le moenie vir hulle bang wees
nie, want dit is Jehovah julle
God wat vir julle veg.'[e]

**23** "En ek het Jehovah in dié
tyd om guns gesmeek en ge-
sê: **24** 'O Soewereine Heer Je-
hovah, u het begin om u kneg
u grootheid[f] en u sterk arm[g]
te laat sien, want watter god is
daar in die hemel of op die
aarde wat sulke werke en sul-
ke magtige dade doen soos u?[h]
**25** Laat my asseblief oortrek en
die goeie land sien[i] wat oorkant
die Jordaan lê, daardie goeie
bergstreek[j] en die Libanon.'[k]
**26** En Jehovah het weens julle
grimmig teenoor my gebly[l] en
nie na my geluister nie; maar
Jehovah het vir my gesê: 'Dit
is nou genoeg! Moet nooit weer
met my oor hierdie saak praat
nie. **27** Klim op na die top
van Pisga[m] en slaan jou oë op
na die weste en noorde en sui-
de en ooste en kyk met jou oë,
want jy sal nie deur hierdie Jor-
daan trek nie.[n] **28** En dra die
bevel aan Josua oor[o] en moe-
dig hom aan en versterk hom,
want hy sal voor hierdie volk
uit deurtrek[p] en hy sal hulle die
land laat beërf wat jy sal sien.'[q]
**29** Al die tyd het ons in die val-
lei teenoor Bet-Peor[r] gebly.

**4** "Luister dan nou, o Israel,
na die voorskrifte en die
regterlike beslissings wat ek
julle leer om na te kom, so-
dat julle kan lewe[a] en inderdaad
kan ingaan en die land in be-
sit kan neem wat Jehovah, die
God van julle voorvaders, aan
julle gee. **2** Julle mag niks by-
voeg by die woord wat ek jul-
le beveel nie, en ook mag julle
niks daarvan wegneem nie,[b] so-
dat julle die gebooie van Jeho-
vah julle God kan onderhou wat
ek julle beveel.

**3** "Julle eie oë het gesien wat
Jehovah in die geval van die
Baäl van Peor[c] gedoen het, dat
elke man wat agter die Baäl van
Peor aan geloop het, deur Jeho-
vah jou God onder jou uit ver-
delg is.[d] **4** Maar julle wat Je-
hovah julle God aankleef,[e] lewe
vandag nog almal. **5** Kyk, ek
het julle voorskrifte[f] en regter-
like beslissings geleer,[g] net soos
Jehovah my God my beveel het,
sodat julle so kan doen in die
land waarheen julle gaan om
dit in besit te neem. **6** En jul-
le moet dit onderhou en dit na-
kom, want dit is wysheid[h] en be-
grip[i] van julle kant voor die oë
van die volke wat van al hierdie
voorskrifte sal hoor, en hulle
sal beslis sê: 'Hierdie groot na-
sie is ongetwyfeld 'n wyse volk
met begrip.'[j] **7** Want watter
groot nasie[k] het gode wat so
naby hulle is soos Jehovah ons
God elke keer wanneer ons hom
aanroep?[l] **8** En watter groot
nasie het sulke regverdige voor-
skrifte en regterlike beslissings
soos hierdie hele wet wat ek jul-
le vandag voorhou?[m]

**9** "Let op jouself en gee goed
ag op jou siel,[n] sodat jy nie die

**HFST. 3**
**a** Jos 1:14
**b** Jos 1:15, Jos 22:4, Jos 22:8
**c** Nu 11:28, Nu 14:30, Nu 27:18
**d** Jos 10:25
**e** Eks 14:14, Eks 15:3, Nu 21:34, De 1:30, De 20:4, Jos 10:42
**f** Eks 34:6, De 11:2, Ps 145:3, Jer 32:18
**g** Eks 15:16, Ps 44:3
**h** Eks 15:11, 2Sa 7:22, 1Kn 8:23, Ps 71:19, Ps 86:8, Jer 10:6, Jer 49:19
**i** Eks 3:8, De 4:22, De 11:12, Ese 20:6
**j** De 1:7
**k** Jos 13:5, 1Kn 9:19
**l** Nu 20:12, Nu 27:14, De 31:2, Ps 106:32
**m** Nu 21:20, Nu 27:12, De 34:1
**n** De 34:4
**o** Nu 27:19, De 1:38, De 31:7
**p** Jos 1:2, Han 7:45
**q** Jos 3:7
**r** De 4:46, De 34:6, Jos 13:20

**Tweede kol.**

**HFST. 4**
**a** Le 18:5, Ese 20:11, Ro 10:5
**b** De 12:32, Jos 1:7, Spr 30:6, Op 22:18
**c** Nu 25:3, Jos 22:17, Ps 106:28, Ho 9:10, 1Ko 10:7
**d** Nu 25:5, Nu 25:9, 1Ko 10:8
**e** De 10:20, De 13:4, Jos 22:5
**f** Le 10:11, Le 26:46, Nu 30:16
**g** Le 25:18, Nu 36:13, De 6:1
**h** 1Kn 2:3; Ps 19:7; Ps 107:43; Ps 111:10; Ps 119:98; Spr 10:8; Jer 8:9; **i** Ps 119:100; Spr 4:7; **j** 1Kn 4:34; 1Kn 10:7; Da 1:20; **k** 2Sa 7:23; **l** Eks 25:8; Le 26:12; De 5:26; Ps 46:1; Ps 145:18; **m** Ps 78:5; Ps 147:19; **n** Spr 4:23; Spr 19:16.

dinge vergeet wat jou oë gesien
het nie[a] en sodat dit al die dae
van jou lewe nie uit jou hart
wyk nie;[b] en jy moet dit aan
jou kinders en aan jou klein-
kinders bekend maak,[c] **10** die
dag waarop jy voor Jehovah jou
God in Horeb gestaan het,[d] toe
Jehovah vir my gesê het: ‘Laat
die volk voor my bymekaarkom
sodat ek hulle my woorde kan
laat hoor,[e] sodat hulle kan leer
om my te vrees[f] al die dae dat
hulle op die aarde lewe en sodat
hulle hulle kinders kan leer.’[g]

**11** “Toe het julle nader ge-
kom en aan die voet van die
berg gaan staan, en die berg
het met vuur gebrand tot in
die middel van die hemel; daar
was duisternis, wolke en dik
donkerheid.[h] **12** En Jehovah
het uit die vuur met julle be-
gin praat.[i] Die geluid van woor-
de het julle gehoor, maar geen
gedaante[j] gesien nie—net ’n
stem.[k] **13** En hy het aan julle
sy verbond meegedeel,[l] wat hy
julle beveel het om te doen, die
Tien Woorde,[m] waarna hy dit
op twee kliptafels geskryf het.[n]
**14** En Jehovah het my in dié
tyd beveel om julle voorskrifte
en regterlike beslissings te leer,
sodat julle dit kan nakom in die
land waarheen julle oortrek om
dit in besit te neem.[o]

**15** “En julle moet goed op jul-
le siel let,[p] want julle het geen
gedaante gesien[q] op die dag
toe Jehovah in Horeb uit die
vuur met julle gepraat het nie,
**16** sodat julle nie verderflik
handel[r] en werklik vir julle ’n
gesnede beeld maak nie, die ge-
daante van enige simbool, die
afbeelding van ’n man of ’n
vrou,[s] **17** die afbeelding van
enige dier wat op die aarde
is,[t] die afbeelding van enige ge-
vleuelde voël wat in die hemel
vlieg,[u] **18** die afbeelding van
enigiets wat op die aarde kruip,
die afbeelding van enige vis[a]
wat in die waters onder die aar-
de is; **19** en sodat jy jou oë nie
na die hemel opslaan en inder-
daad die son en die maan en die
sterre, die hele leër van die he-
mel, sien en verlei word en
jou voor hulle neerbuig en hul-
le dien nie,[b] dinge wat Jehovah
jou God aan al die volke onder
die ganse hemel toebedeel het.[c]
**20** Maar Jehovah het júlle ge-
neem sodat hy julle uit die ys-
tersmeltoond,[d] uit Egipte, kon
uitlei, om vir hom ’n volk as sy
persoonlike eiendom[e] te word
soos dit vandag is.

**21** “En Jehovah het weens
julle vertoornd geword op my,[f]
sodat hy gesweer het dat ek
nie deur die Jordaan sou trek
of die goeie land sou ingaan
wat Jehovah jou God jou as ’n
erfdeel gee nie.[g] **22** Want ek
sterf in hierdie land.[h] Ek trek
nie deur die Jordaan nie, maar
julle trek daardeur, en julle
moet hierdie goeie land in be-
sit neem. **23** Let op julleself
dat julle die verbond van Jeho-
vah julle God wat hy met julle
gesluit het,[i] nie vergeet nie en
dat julle vir julle geen gesne-
de beeld maak nie, die gedaan-
te van enigiets waaromtrent Je-
hovah jou God jou beveel het.[j]
**24** Want Jehovah jou God is ’n
verterende vuur,[k] ’n God wat
uitsluitlike toegewydheid eis.[l]

**25** “As jy die vader word van
kinders en kleinkinders en jul-
le lank in die land gewoon het
en verderflik handel[m] en ’n ge-
snede beeld maak,[n] ’n gedaante
van enigiets, en kwaad doen in
die oë van Jehovah jou God[o] om
hom aanstoot te gee, **26** dan
neem ek vandag die hemel en

**HFST. 4**

**a** Spr 4:21
**b** Spr 3:1, Spr 7:1, Heb 2:1
**c** Ge 18:19, De 6:7, Ps 78:5
**d** De 5:2
**e** Eks 19:9, Heb 12:25
**f** Eks 20:20, De 5:29, 1Sa 12:24, Lu 1:50
**g** Spr 22:6, Ef 6:4
**h** Eks 19:18, De 5:23, Heb 12:18
**i** De 9:10, De 10:4
**j** De 4:15, Jes 40:18, Joh 1:18, Joh 4:24
**k** Eks 20:22, Heb 12:19
**l** Eks 19:5, De 5:2, De 9:9, Heb 9:20
**m** Eks 20:1, Eks 34:28, De 10:4
**n** Eks 24:12, Eks 31:18, Eks 32:19, Eks 34:1
**o** Ps 105:44
**p** De 6:24, Jos 23:11
**q** De 4:12
**r** Eks 32:7
**s** Eks 20:4, De 27:15, Jes 40:18, Han 17:29, 1Ko 10:14
**t** Ro 1:23
**u** De 5:8

**Tweede kol.**

**a** 1Sa 5:4
**b** De 17:3, 2Kn 17:16, Jer 8:2, Ese 8:16, Sef 1:5, Han 7:43
**c** Ps 136:7, Jer 31:35
**d** 1Kn 8:51, Jer 11:4
**e** Eks 19:5, De 9:26, 1Kn 8:53, Ps 135:4
**f** Nu 20:12, De 3:26
**g** De 31:2, Ps 106:32
**h** De 3:27
**i** Eks 19:5, Eks 24:3
**j** Eks 20:4, De 4:16, 1Ko 10:14
**k** Eks 24:17, De 9:3, Heb 12:29
**l** Eks 20:5; Eks 34:14; Nu 25:11; Jos 24:19; Na 1:2; Lu 10:27; **m** Eks 32:7; De 4:16; **n** Rig 18:30; 2Kn 17:16; 2Kn 21:7; Jes 42:8; **o** 2Kn 17:17.

die aarde as getuies teen jul-
le[a] dat julle sekerlik gou uit die
land sal vergaan waarheen jul-
le deur die Jordaan trek om dit
in besit te neem. Julle sal julle
dae daarin nie verleng nie, want
julle sal sekerlik verdelg word.[b]
**27** En Jehovah sal julle beslis
onder die volke verstrooi,[c] en
van julle sal daar inderdaad min
oorbly[d] onder die nasies waar-
heen Jehovah julle sal verdryf.
**28** En daar sal julle gode moet
dien,[e] die werk van mensehan-
de, hout en klip,[f] wat nie kan
sien of hoor of eet of ruik nie.[g]

**29** "As julle daarvandaan Je-
hovah jou God soek, sal jy hom
beslis ook vind,[h] want jy sal met
jou hele hart en met jou hele
siel na hom vra.[i] **30** Wanneer
jy in groot nood verkeer en al
hierdie woorde jou aan die ein-
de van die dae oorgekom het,
dan sal jy tot Jehovah jou God
moet terugkeer[j] en na sy stem
moet luister.[k] **31** Want Jeho-
vah jou God is 'n barmhartige
God.[l] Hy sal jou nie in die steek
laat of jou verdelg of die ver-
bond van jou voorvaders ver-
geet[m] wat hy met 'n eed aan hul-
le bevestig het nie.

**32** "Vra nou asseblief oor die
vroeëre dae[n] wat voor jou was,
van die dag af dat God die
mens op die aarde geskep het,[o]
van die een einde van die he-
mel tot by die ander einde van
die hemel: Is iets so groots
ooit tot stand gebring of is so
iets ooit gehoor?[p] **33** Het eni-
ge ander volk die stem van God
uit die vuur hoor praat, soos
jy dit gehoor het, en bly lewe?[q]
**34** Of het God probeer om vir
hom 'n nasie onder 'n ander na-
sie uit te gaan neem met be-
proewinge,[r] met tekens[s] en met
wonderwerke[t] en met oorlog[u]
en met 'n sterk hand[v] en met 'n
uitgestrekte arm[w] en met groot
vreeswekkendheid,[a] soos alles
wat Jehovah julle God vir jul-
le voor jou oë in Egipte gedoen
het? **35** Jy—jy is dit getoon,
sodat jy kan weet dat Jehovah
die ware God is;[b] daar is geen
ander buiten hom nie.[c] **36** Uit
die hemel het hy jou sy stem
laat hoor om jou tereg te wys;
en op die aarde het hy jou sy
groot vuur laat sien, en sy woor-
de het jy uit die vuur gehoor.[d]

**37** "En tog lewe jy nog, om-
dat hy jou voorvaders liefgehad
het sodat hy hulle saad ná hul-
le uitgekies het[e] en jou voor sy
oë met sy groot krag uit Egip-
te uitgelei het,[f] **38** om nasies,
groter en magtiger as jy, voor
jou uit te verdryf, ten einde jou
in te bring, om jou hulle land as
'n erfdeel te gee soos dit van-
dag is.[g] **39** En jy weet van-
dag goed, en jy moet dit in jou
hart terugroep, dat Jehovah die
ware God is in die hemel daar
bo en op die aarde hier onder.[h]
Daar is geen ander nie.[i] **40** En
jy moet sy voorskrifte[j] en sy ge-
booie onderhou wat ek jou van-
dag beveel, sodat dit met jou
en jou kinders ná jou goed mag
gaan,[k] en sodat jy jou dae mag
verleng in die land wat Jehovah
jou God aan jou gee,[l] vir altyd."

**41** Toe het Moses drie stede
afgesonder aan die kant van die
Jordaan teen die sonsopgang,[m]
**42** waarheen die een kon vlug
wat iemand doodmaak, wat sy
naaste ombring sonder dat hy
dit weet,[n] terwyl hy hom voor-
heen nie gehaat het nie;[o] en
hy moet na een van hierdie
stede vlug en lewe,[p] **43** naam-
lik Beser[q] in die wildernis op
die hoogvlakte vir die Rubenie-
te, en Ramot[r] in Gi'lead vir die

**HFST. 4**
a De 30:19; De 31:28; Jes 1:2
b Le 18:28; Le 26:32; De 29:28; Jos 23:16; Jes 24:1
c De 28:64; Ne 1:8; Ese 12:15
d De 28:62
e Jer 16:13; Ese 20:39
f De 28:36; Ese 20:32
g Ps 115:5; Ps 135:16; Jes 44:9; Op 9:20
h De 30:10; 2Kr 15:4; 2Kr 15:15
i De 30:2; 1Kn 8:48; Jer 29:13; Jl 2:12
j De 30:10; 2Kr 33:13; Ne 1:9
k Jer 7:23
l Eks 34:6; De 30:3; 2Kr 30:9; Ne 9:31; Ps 86:15; Jes 54:7; Jes 55:7; 2Ko 1:3
m Le 26:42; Ps 105:8; Lu 1:72
n Ps 44:1
o Ge 2:7
p Eks 15:11
q De 5:26
r De 7:19
s Eks 7:3
t Ps 105:27
u Eks 15:3
v Eks 13:3; De 6:21
w Eks 6:6

**Tweede kol.**
a De 26:8; Ps 78:49; Jer 32:21
b Eks 3:14; Eks 6:7; 1Kn 18:37; 2Kn 19:19; Ps 83:18
c Eks 15:11; De 32:39; 1Sa 2:2; Jes 45:18; Mr 12:32
d Eks 19:18; Eks 20:22; De 4:12; De 4:15; De 4:33; Ne 9:13; Heb 12:18; Heb 12:25
e De 10:15; Ps 105:6
f Eks 13:14; Jer 32:21
**g** Eks 23:28; De 7:1; De 9:1; Jos 3:10; Ps 44:2; **h** Jos 2:11; 2Kr 20:6; Ps 135:6; Da 4:35; **i** De 4:35; Jes 44:6; **j** De 4:5; **k** De 5:16; **l** Ge 48:4; **m** Nu 35:14; **n** Nu 35:11; Nu 35:22; **o** De 19:4; **p** Nu 35:25; **q** Jos 21:36; **r** Jos 21:38.

Gadiete, en Golan[a] in Basan vir
die Manassiete.[b]

44 En dit is die wet[c] wat Mo-
ses die kinders van Israel voor-
gehou het. 45 Dit is die ge-
tuienisse[d] en die voorskrifte[e]
en die regterlike beslissings[f]
wat Moses die kinders van Is-
rael meegedeel het by hulle
uittog uit Egipte, 46 in die
Jordaanstreek, in die vallei
teenoor Bet-Peor,[g] in die land
van Sihon, die koning van die
Amoriete, wat in Hesbon[h] ge-
woon het, wat deur Moses en
die kinders van Israel verslaan
is by hulle uittog uit Egipte.[i]
47 En hulle het sy land in be-
sit geneem en die land van
Og,[j] die koning van Basan, die
twee konings van die Amoriete
wat in die Jordaanstreek teen
die sonsopgang was, 48 van
A′roër[k] af, wat aan die oewer
van die Arnonstroomvallei lê,
tot by die berg Sijon, dit wil sê
Hermon,[l] 49 en die hele A′ra-
ba[m] in die Jordaanstreek aan
die oostekant, en tot by die see
van die A′raba[n] aan die voet
van die hange van Pisga.[o]

5 En Moses het die hele Is-
rael[p] geroep en vir hulle
gesê: "Hoor, o Israel, die voor-
skrifte en die regterlike beslis-
sings[q] wat ek vandag voor jul-
le ore spreek, en julle moet dit
leer en dit sorgvuldig nakom.[r]
2 Jehovah ons God het in Ho-
reb 'n verbond met ons gesluit.[s]
3 Jehovah het hierdie verbond
nie met ons voorvaders gesluit
nie, maar met ons, ons almal
wat vandag hier in die lewe is.
4 Van aangesig tot aangesig
het Jehovah op die berg uit die
vuur met julle gepraat.[t] 5 Ek
het in dié tyd tussen Jehovah
en julle gestaan[u] om die woord
van Jehovah aan julle mee te
deel (want julle was bang vir die
vuur en het nie teen die berg
opgeklim nie),[a] wat gelui het:

6 "'Ek is Jehovah jou God,[b]
wat jou uit Egipteland, uit die
slawehuis,[c] uitgelei het. 7 Jy
mag nooit enige ander gode
teen my aangesig hê nie.[d]

8 "'Jy mag vir jou geen ge-
snede beeld maak nie,[e] 'n afbeel-
ding van enigiets[f] wat bo in die
hemel is of wat onder op die aar-
de is of wat in die waters on-
der die aarde is. 9 Jy mag jou
voor hulle nie neerbuig of oor-
gehaal word om hulle te dien
nie,[g] want ek, Jehovah jou God,
is 'n God wat uitsluitlike toege-
wydheid eis,[h] wat straf vir die
oortreding van die vaders oor
die kinders bring en oor die der-
de geslag en oor die vierde ge-
slag in die geval van dié wat my
haat,[i] 10 maar wat liefderyke
goedhartigheid bewys teenoor
die duisendste geslag in die ge-
val van dié wat my liefhet en my
gebooie onderhou.[j]

11 "'Jy mag die naam van Je-
hovah jou God nie op onwaardi-
ge wyse gebruik nie,[k] want Je-
hovah sal niemand wat sy naam
op onwaardige wyse gebruik,
ongestraf laat bly nie.[l]

12 "'Ten einde die sabbatdag
te onderhou, om dit heilig te
hou, net soos Jehovah jou God
jou beveel het,[m] 13 moet jy
ses dae arbei en al jou werk
doen.[n] 14 Maar die sewende
dag is 'n sabbat vir Jehovah jou
God.[o] Jy mag geen werk doen
nie,[p] nie jy of jou seun of jou
dogter of jou slaaf of jou sla-
vin of jou bul of jou esel of eni-
ge mak dier van jou of jou inwo-
nende vreemdeling wat in jou
poorte is nie,[q] sodat jou slaaf en
jou slavin kan rus net soos jy.[r]

HFST. 4
a Jos 21:27
b Jos 20:8
c De 17:18; De 27:3; Mal 4:4; Joh 1:17; Ga 3:24
d De 6:17; 1Kn 2:3
e Le 26:46; De 4:1
f Le 18:5; De 4:5; Ne 9:13; Ps 119:164; Ese 20:11
g De 1:5; De 3:29
h Nu 21:26
i Nu 21:24
j Nu 21:33; De 3:4; De 29:7
k De 2:36; De 3:12
l De 3:9; Jos 11:3
m De 1:7; Jos 12:3
n Ge 14:3; De 3:17
o De 34:1

HFST. 5
p De 1:1; De 29:10
q De 4:5
r De 4:1
s Eks 19:5; De 4:23; Heb 9:19
t Eks 19:9; Eks 19:18; Eks 20:22; De 4:33; Han 7:38
u Eks 20:19; De 34:10; Ga 3:19

Tweede kol.
a Eks 19:16
b Ps 81:10; Ho 13:4
c Eks 13:3; Eks 20:2
d Eks 20:3; 2Kn 17:35; Jer 25:6
e Eks 20:4; Le 26:1; De 4:16; De 4:23; De 27:15
f Han 17:29
g Eks 23:24; Da 3:18; 1Ko 10:14
h Eks 34:14; De 4:24; Jos 24:19; Jes 42:8; Na 1:2; Mt 4:10
i Eks 20:5; Eks 34:7; 1Kn 21:29; Mt 23:35

j Eks 20:6; Jer 32:18; Da 9:4; Ro 11:28; k Eks 20:7; Eks 22:28; Le 19:12; l Le 24:16; m Eks 16:23; Eks 20:8; Eks 31:13; n Eks 20:9; Eks 23:12; Eks 34:21; o Eks 16:29; p Ne 13:15; q Eks 20:10; Eks 23:12; Le 24:22; r De 10:17; Ro 2:11; Ef 6:9.

**15** En jy moet onthou dat jy ’n
slaaf in Egipteland geword het[a]
en dat Jehovah jou God jou met
’n sterk hand en ’n uitgestrekte
arm daarvandaan uitgelei het.[b]
Daarom het Jehovah jou God
jou beveel om die sabbatdag te
vier.[c]

**16** “‘Eer jou vader en jou
moeder,[d] net soos Jehovah jou
God jou beveel het; sodat jou
dae verleng mag word en dit
met jou goed mag gaan[e] in die
land wat Jehovah jou God aan
jou gee.

**17** “‘Jy mag nie moord pleeg
nie.[f]

**18** “‘En jy mag nie egbreuk
pleeg nie.[g]

**19** “‘En jy mag nie steel nie.[h]

**20** “‘En jy mag nie valse ge-
tuienis teen jou medemens aflê
nie.[i]

**21** “‘En jy mag nie jou me-
demens se vrou begeer nie.[j] En
jy mag nie selfsugtig hunker na
jou medemens se huis, sy land of
sy slaaf of sy slavin, sy bul of sy
esel of enigiets wat aan jou me-
demens behoort nie.’[k]

**22** “Hierdie Woorde het Jeho-
vah tot julle hele gemeente ge-
spreek op die berg, uit die vuur,[l]
die wolk en die dik donkerheid,
met ’n harde stem, en hy het
niks bygevoeg nie; waarna hy
dit op twee kliptafels geskryf
het en dit aan my gegee het.[m]

**23** “En die oomblik toe julle
die stem uit die duisternis ge-
hoor het, terwyl die berg met
vuur gebrand het,[n] het julle na
my toe gekom, al die hoofde
van julle stamme en julle ouer
manne. **24** Toe het julle ge-
sê: ‘Kyk, Jehovah ons God het
ons sy heerlikheid en sy groot-
heid getoon, en ons het sy stem
uit die vuur gehoor.[o] Vandag
het ons gesien dat God met die
mens kan praat en hy tog kan
bly lewe.[a] **25** Waarom moet
ons dan nou sterf, want hierdie
groot vuur kan ons verteer?[b] As
ons weer die stem van Jehovah
ons God hoor, dan sal ons be-
slis sterf.[c] **26** Want wie is daar
van alle vlees wat die stem van
die lewende God[d] uit die vuur
hoor praat het soos ons en tog
bly lewe het? **27** Gaan u nader
en hoor alles wat Jehovah ons
God sal sê; en u moet ons alles
meedeel wat Jehovah ons God
vir u sal sê,[e] en ons sal beslis
luister en dit doen.’

**28** “En Jehovah het die stem
van julle woorde gehoor toe jul-
le met my gepraat het, en Jeho-
vah het vir my gesê: ‘Ek het die
stem van die woorde van hier-
die volk gehoor, wat hulle vir
jou gesê het. Hulle het goed ge-
doen in alles wat hulle gesê het.[f]
**29** As hulle maar net hierdie
hart van hulle daartoe sou neig
om my te vrees[g] en om al my
gebooie altyd te onderhou,[h] so-
dat dit met hulle en hulle kin-
ders tot onbepaalde tyd goed
kan gaan![i] **30** Gaan sê vir hul-
le: “Keer terug na julle tente.”
**31** En bly staan jy hier by my,
en laat ek jou die hele gebod
en die voorskrifte en die reg-
terlike beslissings meedeel wat
jy hulle moet leer[j] en wat hulle
moet nakom in die land wat ek
aan hulle gee om dit in besit te
neem.’ **32** En julle moet sorg-
vuldig doen net soos Jehovah
julle God julle beveel het.[k] Jul-
le mag nie regs of links afwyk
nie.[l] **33** In die hele weg wat Je-
hovah julle God julle beveel het,
moet julle wandel,[m] sodat julle
kan lewe en dit met julle goed
kan gaan[n] en julle inderdaad jul-
le dae kan verleng in die land
wat julle in besit sal neem.

**HFST. 5**

a De 15:15; De 24:18
b Eks 6:6; De 4:34; Jes 63:12
c Eks 31:17
d Eks 21:15; Le 19:3; De 27:16; Spr 1:8; Mr 7:10
e Eks 20:12; Ef 6:3
f Ge 9:6; Eks 20:13; Nu 35:21; Mt 5:21; Ro 13:9
g Eks 20:14; Spr 6:32; 1Ko 6:18; Heb 13:4
h Eks 20:15; Le 19:11; Spr 30:9; 1Ko 6:10; Ef 4:28
i Eks 20:16; Eks 23:1; Le 19:16; De 19:16; Spr 6:19; Spr 19:5
j 2Sa 11:3; Mt 5:28
k Eks 20:17; 1Kn 21:4; Lu 12:15; Ro 7:7
l Eks 19:9; Eks 19:18; De 4:12
m Eks 24:12; Eks 31:18; De 4:13
n Eks 20:18; Heb 12:18
o Eks 19:18; Eks 24:17; De 4:36

**Tweede kol.**

a De 4:33
b Heb 12:29
c Eks 20:19; De 18:16; Han 7:38; Ga 3:19
d De 4:33; De 5:5; Ps 29:4; 1Te 1:9
e Eks 20:19; Heb 12:19
f De 18:17
g De 10:12; Job 28:28; Spr 1:7; Mt 10:28; 1Pe 2:17
h Spr 4:4; Spr 7:2; Pr 12:13; Jes 48:18; 1Jo 5:3
i Ps 19:11; Jak 1:25
j De 4:45; De 6:1; Ese 20:11; Mal 4:4; Ga 3:19
k De 6:3; De 6:25; De 8:1; l De 12:32; Jos 1:7; Spr 4:27; m De 10:12; Jer 7:23; n De 4:40; De 12:28; Spr 19:16; Ro 10:5.

**6** “En dit is die gebod, die
voorskrifte en die regterli-
ke beslissings wat Jehovah julle
God beveel het om julle te leer,[a]
sodat julle dit kan nakom in die
land waarheen julle oortrek om
dit in besit te neem; **2** sodat jy
Jehovah jou God kan vrees[b] om
al sy insettinge en sy gebooie
te onderhou wat ek jou beveel,
jy en jou kind en jou kleinkind,[c]
al die dae van jou lewe, en so-
dat jou dae verleng mag word.[d]
**3** En jy moet luister, o Israel,
en dit sorgvuldig uitvoer,[e] so-
dat dit met jou goed kan gaan[f]
en julle talryk kan word, net
soos Jehovah, die God van jou
voorvaders, jou beloof het[g] aan-
gaande die land wat oorloop van
melk en heuning.

**4** “Luister, o Israel: Jehovah
ons God is een Jehovah.[h] **5** En
jy moet Jehovah jou God liefhê
met jou hele hart[i] en jou he-
le siel[j] en al jou lewenskrag.[k]
**6** En hierdie woorde wat ek jou
vandag beveel, moet in jou hart
wees;[l] **7** en jy moet dit by jou
kind inskerp[m] en daaroor praat
wanneer jy in jou huis sit en
wanneer jy op die pad loop en
wanneer jy gaan lê[n] en wan-
neer jy opstaan. **8** En jy moet
dit as ’n teken op jou hand bind,[o]
en dit moet as ’n voorhoofs-
band tussen jou oë dien;[p] **9** en
jy moet dit op die deurposte van
jou huis en op jou poorte skryf.[q]

**10** “En wanneer Jehovah jou
God jou in die land bring wat
hy aan jou voorvaders Abra-
ham, Isak en Jakob met ’n eed
beloof het om aan jou te gee,[r]
met groot en mooi stede wat jy
nie gebou het nie,[s] **11** en hui-
se vol allerhande goeie dinge
en wat jy nie gevul het nie,
en uitgekapte reënputte wat jy
nie uitgekap het nie, wingerde
en olyfbome wat jy nie geplant
het nie, en jy geëet en versa-
dig geword het,[a] **12** dan moet
jy op jouself let dat jy Jehovah
nie vergeet,[b] wat jou uit Egipte-
land, uit die slawehuis, uitgelei
het nie. **13** Jehovah jou God
moet jy vrees,[c] en hom moet
jy dien,[d] en by sy naam moet
jy sweer.[e] **14** Julle mag nie
agter ander gode aan loop nie,
geeneen van die gode van die
volke wat rondom julle is nie[f]
**15** (want Jehovah jou God, wat
in jou midde is, is ’n God wat uit-
sluitlike toegewydheid eis[g]), so-
dat die toorn van Jehovah jou
God nie teen jou ontvlam[h] en hy
jou van die oppervlak van die
aarde verdelg nie.[i]

**16** “Julle mag Jehovah julle
God nie op die proef stel,[j] soos
julle hom by Massa op die proef
gestel het nie.[k] **17** Julle moet
die gebooie van Jehovah jul-
le God[l] en sy getuienisse[m] en
sy voorskrifte[n] wat hy jou be-
veel het,[o] vir seker onderhou.
**18** En jy moet doen wat reg en
goed is in Jehovah se oë, so-
dat dit met jou goed kan gaan[p]
en jy inderdaad kan ingaan en
die goeie land in besit kan neem
wat Jehovah aan jou voorva-
ders met ’n eed beloof het,[q]
**19** deur al jou vyande voor jou
weg te stoot, net soos Jehovah
beloof het.[r]

**20** “As jou seun jou op ’n toe-
komstige dag vra[s] en sê: ‘Wat
beteken die getuienisse en die
voorskrifte en die regterlike be-
slissings wat Jehovah ons God
julle beveel het?’ **21** dan moet
jy vir jou seun sê: ‘Ons het
slawe van Farao in Egipte ge-
word, maar Jehovah het ons
met ’n sterk hand uit Egipte
uitgelei.[t] **22** En Jehovah het
groot en rampspoedige tekens
en wonderwerke[u] voor ons oë

**HFST. 6**

a De 4:1, De 4:10
b Eks 20:20, Jos 24:14, Job 28:28, Ps 111:10, Ps 128:1
c Ge 18:19, De 4:9
d De 5:16, Spr 3:2
e De 5:32, 2Kn 21:8
f Pr 8:12, Jes 3:10
g Ge 13:16
h De 5:7, Jes 42:8, Sag 14:9, Mr 12:29, 1Ko 8:6
i De 10:12, Mt 22:37
j De 11:13, De 30:6
k Mr 12:30, Lu 10:27
l De 11:18, Spr 7:3
m Ge 18:19, De 4:9, De 11:19, Spr 22:6, Ef 6:4
n Spr 6:22
o Spr 3:3, Spr 7:3
p Eks 13:9, Eks 13:16, De 11:18
q De 11:20
r Ge 15:18
s Jos 24:13, Ps 105:44

**Tweede kol.**

a De 8:10
b Rig 3:7, Jer 2:32
c De 10:12, De 13:4, Ps 34:9, Ps 128:1
d Lu 4:8
e De 10:20, Rig 21:7, Jer 12:16
f Eks 34:14, De 8:19, Jer 25:6
g Eks 20:5, De 4:24, Jos 24:19, Na 1:2
h Eks 32:10, Nu 25:3, De 11:17, Rig 2:14
i 1Kn 13:34, 2Kn 17:18
j Mt 4:7, Lu 4:12, 1Ko 10:9
k Eks 17:2, De 33:8, Ps 95:8, Heb 3:8
l De 11:13, Ese 20:11
m 1Kn 2:3
n De 4:1, Ne 9:13
o De 11:22; Ps 119:4; p De 5:33; q Ge 15:18; r Eks 23:30; Nu 33:52; s Eks 13:14; t Eks 15:6; u Eks 7:3; De 7:19.

oor Egipte, oor Farao en oor
sy hele huis bly bring.[a] **23** En
hy het ons daarvandaan uitge-
lei om ons hierheen te bring,
ten einde ons die land te gee
wat hy aan ons voorvaders met
’n eed beloof het.[b] **24** Jehovah
het ons derhalwe beveel om al
hierdie voorskrifte na te kom,[c]
om Jehovah ons God te vrees
sodat dit altyd met ons goed
kan gaan,[d] sodat ons kan bly
lewe, soos vandag.[e] **25** En dit
sal regverdigheid vir ons bete-
ken[f] as ons hierdie hele gebod
sorgvuldig uitvoer voor Jeho-
vah ons God, net soos hy ons be-
veel het.’[g]

**7** “Wanneer Jehovah jou God
jou uiteindelik in die land
bring waarheen jy trek om dit
in besit te neem,[h] dan sal hy
groot nasies voor jou uit ver-
dryf,[i] die Hetiete[j] en die Girga-
siete[k] en die Amoriete[l] en die
Kanaäniete[m] en die Perissiete[n]
en die Hewiete[o] en die Jebusie-
te,[p] sewe nasies, groter en mag-
tiger as jy.[q] **2** En Jehovah jou
God sal hulle beslis aan jou oor-
lewer, en jy moet hulle ver-
slaan.[r] Jy moet hulle vir se-
ker aan vernietiging oorgee.[s]
Jy mag geen verbond met hul-
le sluit en geen guns aan hulle
betoon nie.[t] **3** En jy mag geen
huweliksverbintenis met hulle
aangaan nie. Jou dogter mag jy
nie aan sy seun gee nie, en sy
dogter mag jy nie vir jou seun
neem nie.[u] **4** Want hy sal jou
seun daarvan afkeer om my te
volg, en hulle sal beslis ander
gode dien;[v] en Jehovah se toorn
sal inderdaad teen julle ont-
vlam, en hy sal jou beslis gou
verdelg.[w]

**5** “Daarenteen moet julle só
met hulle doen: Hulle altare
moet julle afbreek,[x] en hulle
heilige pilare moet julle stuk-
kend breek,[y] en hulle heilige
pale[a] moet julle afkap,[b] en hul-
le gesnede beelde moet julle met
vuur verbrand.[c] **6** Want jy is
’n heilige volk vir Jehovah jou
God.[d] Vir jou het Jehovah jou
God uitgekies om sy volk te
word, ’n spesiale eiendom, uit al
die volke wat op die oppervlak
van die aarde is.[e]

**7** “Nie omdat julle die groot-
ste van al die volke was, het Je-
hovah geneentheid vir julle ge-
toon sodat hy julle uitgekies het
nie,[f] want julle was die gering-
ste van al die volke.[g] **8** Maar
omdat Jehovah julle liefgehad
het,[h] en omdat hy gehou het
by die beëdigde verklaring wat
hy vir julle voorvaders gesweer
het,[i] het Jehovah julle met ’n
sterk hand uitgelei,[j] om jou te
verlos uit die slawehuis,[k] uit die
hand van Farao, die koning van
Egipte. **9** En jy weet goed dat
Jehovah jou God die ware God
is,[l] die getroue God,[m] wat die
verbond[n] en liefderyke goed-
hartigheid hou in die geval van
dié wat hom liefhet en dié wat
sy gebooie onderhou, tot in dui-
send geslagte,[o] **10** maar wat
die een wat hom haat, in sy aan-
gesig vergeld deur hom te ver-
nietig.[p] Hy sal nie aarsel teen-
oor die een wat hom haat nie; hy
sal hom in sy aangesig vergeld.
**11** En jy moet die gebod en die
voorskrifte en die regterlike be-
slissings wat ek jou vandag be-
veel, onderhou deur dit na te
kom.[q]

**12** “En omdat julle na hierdie
regterlike beslissings bly luis-
ter en dit onderhou en dit uit-
voer,[r] sal Jehovah jou God die
verbond[s] en die liefderyke
goedhartigheid teenoor jou hou

**HFST. 6**
a De 4:34
b Eks 13:5; De 1:8
c De 5:1; 1Kn 2:3
d De 10:12; Ps 111:10; Spr 14:27; Pr 8:12
e De 4:1; Lu 10:28; Ga 3:12
f Ro 10:5
g Le 18:5; Pr 12:13

**HFST. 7**
h De 31:3; Ps 44:2
i Eks 33:2; Jos 3:10
j Ge 10:15
k Ge 10:16
l Ge 15:16
m Ge 10:19
n Jos 11:3
o Ge 10:17
p 1Kr 1:14
q De 20:1
r Nu 33:52; Han 13:19
s Le 27:29; De 20:17; Jos 6:17; Jos 10:28
t Eks 23:32; Eks 34:15; De 20:16; Rig 2:2
u Jos 23:12; 1Kn 11:2; Esr 9:2; Ne 10:30
v Eks 34:16; 1Kn 11:4
w De 6:15
x Eks 34:13; De 12:2
y Eks 23:24; De 12:3; De 16:22

**Tweede kol.**
a De 16:21
b Rig 6:25
c De 7:25; De 12:3
d Eks 19:6; De 14:2; Jer 2:3
e Eks 19:5; Ps 135:4; Am 3:2; Mal 3:17
f De 4:37; De 10:15; Ps 105:6; Ro 9:11
g De 10:22; Ps 105:12; Jes 51:2
h De 23:5
i Ge 22:16; Eks 32:13; De 10:15; Ps 105:9; Lu 1:73
j Eks 13:14

**k** Eks 6:6; Eks 13:3; Jes 51:10; **l** Le 26:45; De 4:35; Ps 68:20; **m** Jes 49:7; 1Ko 10:13; 2Ko 1:18; Heb 11:11; **n** Ne 1:5; Da 9:4; **o** Eks 34:7; De 5:10; **p** Ps 21:9; Ps 68:2; Spr 2:22; Jes 59:18; Na 1:2; 2Pe 3:7; **q** De 5:32; Joh 13:17; Jak 1:22; **r** Eks 15:26; De 28:1; **s** Ps 105:8.

waaroor hy vir jou voorvaders
gesweer het.[a] **13** En hy sal jou
beslis liefhê en jou seën[b] en jou
vermenigvuldig[c] en die vrug
van jou liggaam[d] en die vrugte
van jou grond seën,[e] jou graan
en jou nuwe wyn en jou olie,
die kalwers van jou koeie en
die aanteel van jou kleinvee,[f] in
die land wat hy aan jou voor-
vaders met ’n eed beloof het
om aan jou te gee.[g] **14** Die ge-
seëndste van al die volke sal jy
word.[h] Daar sal in jou geen man
of vrou sonder nageslag wees
nie, ook nie onder jou mak die-
re nie.[i] **15** En Jehovah sal be-
slis elke siekte van jou verwy-
der; en wat al die bose kwale
van Egipte betref wat jy ge-
ken het,[j] hy sal dit nie oor jou
laat kom nie, en hy sal dit in-
derdaad oor almal bring wat jou
haat. **16** En jy moet al die vol-
ke verteer wat Jehovah jou God
aan jou gee.[k] Jou oog mag nie
vir hulle jammer voel nie;[l] en
jy mag hulle gode nie dien nie,[m]
want dit sal vir jou ’n strik
wees.[n]

**17** “As jy in jou hart sê: ‘Hier-
die nasies is te groot vir my.
Hoe sal ek hulle kan verdryf?’[o]
**18** dan moet jy nie vir hulle
bang wees nie.[p] Jy moet vir se-
ker dink aan wat Jehovah jou
God aan Farao en die hele Egip-
te gedoen het,[q] **19** die groot
beproewinge wat jou oë gesien
het,[r] en die tekens en die won-
derwerke[s] en die sterk hand[t] en
die uitgestrekte arm[u] waarmee
Jehovah jou God jou uitgelei
het.[v] So sal Jehovah jou God aan
al die volke doen vir wie jy bang
is.[w] **20** En Jehovah jou God
sal ook die gevoel van versla-
enheid[x] oor hulle stuur, totdat
dié vergaan wat oorgebly het[y]
en wat vir jou weggekruip het.
**21** Jy moenie sidder vir hulle
nie, want Jehovah jou God is in
jou midde,[a] ’n groot en vreesin-
boesemende God.[b]

**22** “En Jehovah jou God sal
hierdie nasies beslis bietjie vir
bietjie voor jou wegstoot.[c] Jy
sal nie toegelaat word om gou
’n einde aan hulle te maak nie,
sodat die wilde diere van die
veld nie teen jou vermeerder
nie. **23** En Jehovah jou God
sal hulle inderdaad aan jou oor-
lewer en hulle in groot verwar-
ring op die vlug jaag, totdat
hulle verdelg is.[d] **24** En hy sal
hulle konings beslis in jou hand
gee,[e] en jy moet hulle naam
onder die hemel uit vernietig.[f]
Niemand sal teen jou stand-
hou[g] totdat jy hulle uitgeroei
het nie.[h] **25** Die gesnede beel-
de van hulle gode moet julle met
vuur verbrand.[i] Jy mag die sil-
wer en die goud daaraan nie be-
geer[j] of dit inderdaad vir jou
neem nie,[k] sodat jy nie daardeur
verstrik word nie;[l] want dit is
iets verfoeiliks[m] vir Jehovah jou
God. **26** En jy mag niks ver-
foeiliks in jou huis inbring nie,
sodat jy nie soos dit ’n voorwerp
word wat aan vernietiging oor-
gegee word nie. Jy moet dit ge-
heel en al as ’n gruwel beskou
en dit heeltemal verfoei,[n] want
dit is iets wat aan vernietiging
oorgegee is.[o]

**8** “Elke gebod wat ek jou van-
dag beveel, moet julle sorg-
vuldig onderhou,[p] sodat julle
kan bly lewe[q] en inderdaad kan
vermenigvuldig en kan ingaan
en die land in besit kan neem
wat Jehovah aan julle voorva-
ders met ’n eed beloof het.[r]
**2** En jy moet dink aan die hele
pad waarlangs Jehovah jou God
jou hierdie veertig jaar in die
wildernis laat gaan het,[s] om jou
nederig te maak,[t] om jou op

**HFST. 7**
a Mi 7:20; Lu 1:55; Lu 1:72
b Eks 23:25; Spr 10:22
c Le 26:9
d De 28:4
e Le 26:4
f Ps 107:38
g Ge 13:15
h De 33:29; Ps 115:15; Ps 147:20
i Eks 23:26; De 28:11; Ps 127:3
j De 28:27; De 28:60; Am 4:10
k De 7:2; De 20:16; Jos 10:28
l Ge 15:16; Le 18:25; De 9:5
m Eks 20:3
n Eks 23:33; De 12:30; Rig 2:3; Ps 106:36
o Nu 13:31
p De 1:29; De 31:6; Ps 27:1; Jes 41:10
q Eks 14:13; Ps 105:27; Ps 135:8; Han 13:17
r De 29:3; Ne 9:11
s Ne 9:10; Jer 32:20
t Eks 13:3
u De 11:2
v De 4:34
w Eks 23:28; Jos 3:10
x De 2:25; Jos 2:9; Jos 24:12
y Eks 23:29

**Tweede kol.**
a Nu 14:9; Ps 46:5
b De 10:17; 1Sa 4:8; Ne 1:5; Ne 9:32
c Eks 23:30
d De 9:3
e Jos 10:24; Jos 12:1
f Eks 17:14; Ps 9:5
g De 11:25; Jos 1:5; Jos 23:9; Ro 8:31
h Jos 11:14
i Eks 32:20; De 12:3; 1Kr 14:12
j Jes 30:22
k Jos 7:21
l De 7:16; Rig 8:27
m De 27:15; De 29:17
n Ro 2:22

o Le 27:28; De 13:17; **HFST. 8** p De 5:32; Ps 119:4; 1Te 4:1; q Spr 3:2; r Ge 15:18; s De 2:7; De 29:5; Am 2:10; t Ps 101:5; Lu 18:14; 1Pe 5:6.

die proef te stel[a] ten einde te weet wat in jou hart is,[b] of jy sy gebooie sal onderhou of nie. **3** En hy het jou nederig gemaak en jou laat honger ly[c] en jou met die manna gevoed,[d] wat jy nie geken het en ook jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens van elke uiting uit Jehovah se mond lewe.[e] **4** Jou mantel het nie aan jou verslyt nie, en ook het jou voet hierdie veertig jaar nie geswel nie.[f] **5** En in jou hart weet jy goed dat Jehovah jou God jou tereggewys het soos ’n man sy seun teregwys.[g]

**6** “En jy moet die gebooie van Jehovah jou God onderhou deur in sy weë te wandel[h] en deur hom te vrees.[i] **7** Want Jehovah jou God bring jou in ’n goeie land,[j] ’n land van stroomvalleie vol water, fonteine en waterdieptes wat in die valleivlaktes[k] en in die bergstreke ontspring, **8** ’n land van koring en gars en wingerdstokke en vye en granate,[l] ’n land van olieryke olywe en heuning,[m] **9** ’n land waarin jy brood sonder skaarste sal eet, waarin jy niks sal kortkom nie, ’n land waarvan die klippe yster is en waar jy uit die berge koper sal delf.

**10** “Wanneer jy geëet en versadig geword het,[n] dan moet jy Jehovah jou God loof[o] vir die goeie land wat hy aan jou gegee het.[p] **11** Let op jouself dat jy Jehovah jou God nie vergeet[q] deur sy gebooie en sy regterlike beslissings en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te onderhou nie;[r] **12** sodat jy nie eet en inderdaad versadig word en goeie huise bou en inderdaad daarin woon,[s] **13** en jou beeste en jou kleinvee vermeerder en jou silwer en goud vermeerder, en alles wat joune is, vermeerder, **14** en jou hart hom dan inderdaad verhef[a] en jy Jehovah jou God inderdaad vergeet nie, wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis,[b] uitgelei het; **15** wat jou deur die groot en vreesinboesemende wildernis laat gaan het,[c] met giftige slange[d] en skerpioene en met dorstige grond wat geen water het nie; wat vir jou water uit die vuurkliprots laat kom het;[e] **16** wat jou in die wildernis met manna gevoed het,[f] wat jou vaders nie geken het nie, om jou nederig te maak[g] en om jou op die proef te stel ten einde in jou latere dae aan jou goed te doen;[h] **17** en jy in jou hart sê: ‘My krag en die volle mag van my hand het hierdie rykdom vir my verwerf.’[i] **18** En jy moet aan Jehovah jou God dink, want dit is hy wat jou krag gee om rykdom te verwerf,[j] sodat hy sy verbond kan nakom wat hy met ’n eed aan jou voorvaders bevestig het, soos dit vandag is.[k]

**19** “En as jy Jehovah jou God enigsins vergeet en agter ander gode aan loop en hulle dien en jou voor hulle neerbuig, dan getuig ek vandag teen julle dat julle vir seker sal vergaan.[l] **20** Soos die nasies wat Jehovah voor julle uit vernietig, so sal julle vergaan, omdat julle nie na die stem van Jehovah julle God luister nie.[m]

**9** “Hoor, o Israel, jy trek vandag deur die Jordaan[n] om in te gaan en nasies uit hulle besitting te verdryf wat groter en magtiger is as jy,[o] stede wat groot en tot aan die hemel versterk is,[p] **2** ’n volk wat groot en lank is, die kinders van die Enakiete,[q] van wie jy geweet

q Nu 13:33; De 1:28; De 2:21.

**HFST. 8**

a Eks 16:4; Eks 20:20
b De 13:3; Ps 139:23; Spr 17:3
c Eks 16:3
d Eks 16:31; Ps 78:24
e Mt 4:4
f De 29:5; Ne 9:21
g 2Sa 7:14; Spr 3:12; 1Ko 11:32; Heb 12:6; Op 3:19
h De 5:33; 2Kr 6:31; Ps 128:1; Lu 1:6
i 1Sa 12:24
j Eks 3:8; Le 26:4; De 11:12; Ne 9:25
k De 11:11
l Nu 13:23
m Ese 20:6
n De 6:11
o Ps 103:2; Ps 134:1
p 1Kr 29:14
q Ps 106:21
r De 6:12
s De 32:15; Jer 22:14; Ho 13:6

**Tweede kol.**

a De 9:4; 1Ko 4:7
b Ps 106:21
c De 1:19; Jer 2:6
d Nu 21:6
e Nu 20:11; Ps 78:15; Ps 105:41; Ps 114:8; 1Ko 10:4
f Eks 16:35; Joh 6:31; Joh 6:49
g De 8:2
h 2Ko 4:17; Heb 12:11; 1Pe 1:7
i Ho 12:8; Hab 1:16; 1Ko 4:7
j Ps 127:1; Spr 10:22; Ho 2:8
k De 7:12
l De 4:26; De 30:18; Jos 23:13; 1Sa 12:25
m Da 9:11; Da 9:12; Am 3:2

**HFST. 9**

n De 11:31; Jos 4:19
o De 4:38; De 7:1; De 11:23
p Nu 13:28

het en gehoor het dat daar gesê
word: ‘Wie kan standhou voor
die kinders van Enak?’ **3** En
jy weet vandag goed dat Jeho-
vah jou God voor jou oortrek.[a]
’n Verterende vuur is hy.[b] Hy
sal hulle verdelg[c] en hy sal hulle
voor jou onderwerp; en jy moet
hulle uit hulle besitting verdryf
en hulle gou vernietig, net soos
Jehovah vir jou gesê het.[d]

**4** “Wanneer Jehovah jou God
hulle voor jou wegstoot, moet jy
nie in jou hart sê: ‘Dit is weens
mý regverdigheid dat Jehovah
my ingebring het om hierdie
land in besit te neem’[e] nie, ter-
wyl dit weens die goddeloos-
heid van hierdie nasies is dat
Jehovah hulle voor jou uit ver-
dryf.[f] **5** Dit is nie weens jou
regverdigheid[g] of weens die op-
regtheid van jou hart[h] dat jy in-
gaan om hulle land in besit te
neem nie; maar dit is weens die
goddeloosheid van hierdie na-
sies dat Jehovah jou God hulle
voor jou uit verdryf,[i] en om die
woord uit te voer wat Jehovah
aan jou voorvaders, Abraham,[j]
Isak[k] en Jakob,[l] gesweer het.
**6** En jy moet weet dat dit nie
weens jou regverdigheid is dat
Jehovah jou God hierdie goeie
land aan jou gee om dit in besit
te neem nie; want jy is ’n hard-
nekkige volk.[m]

**7** “Dink daaraan: Moenie
vergeet hoe jy Jehovah jou God
in die wildernis vertoorn het
nie.[n] Van die dag af dat jy uit
Egipteland uitgetrek het tot-
dat julle by hierdie plek ge-
kom het, was julle opstandig in
julle gedrag teenoor Jehovah.[o]
**8** Selfs in Horeb het julle Je-
hovah tot toorn verwek sodat
Jehovah so vertoornd op julle
geword het dat hy julle wou ver-
delg.[p] **9** Toe ek teen die berg
opgeklim het om die kliptafels
te ontvang,[q] die tafels van die
verbond wat Jehovah met julle
gesluit het,[a] en ek veertig dae
en veertig nagte op die berg ge-
bly het[b] (ek het nie brood geëet
of water gedrink nie), **10** het
Jehovah my die twee kliptafels
gegee waarop daar met God se
vinger geskryf was;[c] en daar-
op was al die woorde wat Jeho-
vah op die berg uit die vuur met
julle gespreek het, op die dag
van die vergadering.[d] **11** En
aan die einde van die veertig
dae en veertig nagte het Jeho-
vah my die twee kliptafels ge-
gee, die tafels van die verbond;[e]
**12** en Jehovah het vir my ge-
sê: ‘Staan op, klim gou hiervan-
daan af, want jou volk wat jy uit
Egipte uitgelei het, het verderf-
lik gehandel.[f] Hulle het gou af-
gewyk van die weg wat ek hulle
beveel het. Hulle het vir hulle ’n
gegote beeld gemaak.’[g] **13** En
Jehovah het verder vir my ge-
sê: ‘Ek het hierdie volk gesien,
en kyk! dit is ’n hardnekkige
volk.[h] **14** Laat my staan sodat
ek hulle kan verdelg[i] en hulle
naam onder die hemel kan uit-
wis,[j] en laat ek jou ’n nasie
maak wat magtiger en groter is
as hulle.’[k]

**15** “Daarna het ek omge-
draai en teen die berg afge-
klim, terwyl die berg met vuur
gebrand het;[l] en die twee ta-
fels van die verbond was in my
twee hande.[m] **16** Toe het ek
gesien, en kyk, julle het teen Je-
hovah julle God gesondig! Julle
het vir julle ’n gegote kalf ge-
maak.[n] Julle het gou afgewyk
van die weg wat Jehovah jul-
le beveel het.[o] **17** Daarop het
ek die twee tafels gegryp en dit
uit my twee hande neergegooi
en dit voor julle oë verbrysel.[p]
**18** En ek het my voor Jeho-
vah neergewerp, soos die eer-
ste keer, veertig dae en veertig
nagte. Ek het nie brood geëet

**HFST. 9**

a De 1:30, De 20:4, De 31:3, Jos 3:11
b De 4:24, Na 1:6, Heb 12:29
c De 7:23, De 20:16
d Eks 23:31, De 7:24
e De 7:8, Ese 36:22
f Ge 15:16, De 12:31, De 18:12
g 1Kn 8:46, Ps 51:5, Ro 3:23, Ro 5:12, Tit 3:5
h Jer 17:9
i Le 18:25
j Ge 13:15, Ge 17:8
k Ge 26:3
l Ge 28:13
m Eks 34:9, Ps 78:8, Jes 48:4, Han 7:51
n De 9:22, Ps 78:40, Heb 3:16
o Eks 17:2, Nu 11:4, Nu 16:2, Nu 25:2, De 31:27, De 32:5, Ne 9:16
p Eks 32:4, Eks 32:10, Ps 106:19
q Eks 24:12, Eks 31:18, Eks 32:16

**Tweede kol.**

a Eks 24:7, Ga 4:24
b Eks 24:18
c Eks 31:18, Ps 8:3, Mt 12:28, Lu 11:20
d Eks 19:19, De 4:10, De 4:12
e Eks 31:18, De 4:13
f Eks 32:7, De 4:16
g Eks 32:4
h Eks 32:9
i Eks 32:10
j De 7:24, Ps 9:5
k Nu 14:12
l Eks 19:18, De 4:11
m Eks 32:15
n Han 7:40
o Eks 20:3, Eks 20:4, De 5:8, Han 7:41
p Eks 32:19

of water gedrink nie,[a] weens al
julle sonde wat julle gepleeg het
deur kwaad te doen in die oë
van Jehovah om hom aanstoot
te gee.[b] **19** Want ek was bang
vir die brandende toorn waar-
mee Jehovah so verontwaardig
teenoor julle geraak het dat hy
julle wou verdelg.[c] Jehovah het
egter ook dié keer na my geluis-
ter.[d]

**20** “Jehovah het ook op
Aäron baie vertoornd geword,
sodat hy hom wou verdelg;[e]
maar ek het in dié tyd ook
vir Aäron smeekbedes[f] gedoen.
**21** En die voorwerp van julle
sonde wat julle gemaak het, die
kalf,[g] het ek geneem, en ek het
dit met vuur verbrand en dit
verbrysel en dit deeglik gemaal
totdat dit so fyn soos stof was;
waarna ek die stof daarvan in
die stroom gegooi het wat van
die berg afvloei.[h]

**22** “Verder het julle Jehovah
by Tabe′ra[i] en by Massa[j] en
by Kib′rot-Hatta′äwa[k] tot toorn
verwek.[l] **23** En toe Jehovah
julle uit Ka′des-Barne′a ge-
stuur[m] en gesê het: ‘Trek op en
neem die land in besit wat ek
beslis aan julle sal gee!’ het jul-
le julle opstandig gedra teen die
bevel van Jehovah julle God,[n]
en julle het nie geloof in hom
beoefen[o] en nie na sy stem ge-
luister nie.[p] **24** Julle was op-
standig in julle gedrag teenoor
Jehovah[q] van die dag af dat ek
julle ken.

**25** “En ek het my veertig
dae en veertig nagte[r] voor Je-
hovah neergewerp, want ek het
my so neergewerp omdat Jeho-
vah daarvan gepraat het om jul-
le te verdelg.[s] **26** En ek het
smeekbedes[t] tot Jehovah be-
gin doen en gesê: ‘O Soewerei-
ne Heer Jehovah, moenie u volk
verdelg nie, ja, u persoonlike
eiendom,[u] wat u met u groot-
heid verlos het, wat u met ’n
sterk hand[a] uit Egipte uitge-
lei het.[b] **27** Dink aan u knegte
Abraham, Isak en Jakob.[c] Moe-
nie u aangesig keer na die hard-
heid van hierdie volk en hulle
goddeloosheid en hulle sonde
nie,[d] **28** sodat die land[e] waar-
uit u ons uitgelei het, nie sal sê
nie: “Omdat Jehovah hulle nie
in die land kon bring wat hy aan
hulle beloof het nie, en omdat
hy hulle gehaat het, het hy hulle
uitgelei om hulle in die wilder-
nis dood te maak.”[f] **29** Ook is
hulle u volk en u persoonlike
eiendom[g] wat u met u groot
krag en u uitgestrekte arm uit-
gelei het.’[h]

**10** “In dié tyd het Jehovah
vir my gesê: ‘Kap vir jou
twee kliptafels uit soos die eer-
stes[i] en klim teen die berg op na
my toe, en jy moet vir jou ’n ark
van hout maak.[j] **2** En ek sal
op die tafels die woorde skryf
wat op die eerste tafels voorge-
kom het, wat jy verbrysel het,
en jy moet dit in die ark sit.’
**3** Toe het ek ’n ark van aka-
siahout gemaak en twee klipta-
fels soos die eerstes uitgekap[k]
en teen die berg opgeklim, en
die twee tafels was in my hand.
**4** Toe het hy op die tafels die-
selfde skrif as die eerste ge-
skryf,[l] die Tien Woorde,[m] wat
Jehovah op die berg uit die vuur
met julle gespreek het,[n] op die
dag van die vergadering;[o] waar-
na Jehovah dit vir my gegee
het. **5** Toe het ek omgedraai
en teen die berg afgeklim[p] en
die tafels in die ark gesit wat ek
gemaak het, sodat dit daar sou
bly, net soos Jehovah my beveel
het.[q]

**6** “En die kinders van Israel
het van Be′ërot Bene′-Ja′äkan[r]
af weggetrek na Mose′ra. Daar

**HFST. 9**
a Eks 34:28
b Ne 9:18
c Eks 32:10
d Eks 32:11; Eks 32:14; De 10:10; Ps 106:23
e Eks 32:2; Eks 32:21; Eks 32:35
f Spr 15:29; Jak 5:16
g Eks 32:4
h Eks 32:20; Jes 30:22
i Nu 11:3
j Eks 17:7; De 6:16
k Nu 11:4; Nu 11:34
l De 9:7
m Nu 13:26; De 1:19
n Nu 14:3; Nu 14:4; Jes 63:10
o De 1:32; Ps 106:24; Heb 3:19
p Ps 106:25
q De 31:27; Han 7:51
r Eks 34:28; De 9:18; Mt 4:2
s De 9:19
t Ps 99:6; Spr 15:29; Jak 5:16
u Eks 19:5; De 32:9; Ps 135:4; Am 3:2

**Tweede kol.**
a Eks 32:11; Ps 99:6
b 1Kn 8:51
c Eks 3:6; Eks 6:8; De 9:5
d Eks 32:31; Ps 78:8; Mi 7:18
e De 5:6
f Eks 32:12; Nu 14:16; Ps 115:2
g De 4:20; 1Kn 8:51; Ne 1:10; Ps 74:2; Ps 95:7; Ps 100:3
h Eks 6:6; De 4:34; Jes 63:12

**HFST. 10**
i Eks 34:1
j De 10:3
k Eks 34:4
l Eks 32:15; Eks 34:28
m Eks 20:1; De 4:13
n De 4:36; De 5:4
o Eks 19:17; De 5:22

p Eks 34:29; q De 10:2; r Nu 33:31.

het Aäron gesterf, en hy is daar begrawe;[a] en sy seun Elea′sar het in sy plek as priester begin dien.[b] **7** Daarvandaan het hulle weggetrek na Gudgo′da, en van Gudgo′da na Jotba′ta,[c] ’n land van stroomvalleie vol water.

**8** “In dié tyd het Jehovah die stam Levi afgesonder[d] om die ark van Jehovah se verbond te dra,[e] om voor Jehovah te staan om hom te dien[f] en in sy naam te seën tot vandag toe.[g] **9** Daarom het Levi geen deel of erfdeel[h] saam met sy broers gekry nie. Jehovah is sy erfdeel, net soos Jehovah jou God vir hom gesê het.[i] **10** En ek—ek het op die berg gebly soos die vorige dae, veertig dae en veertig nagte,[j] en Jehovah het ook by dié geleentheid na my geluister.[k] Jehovah wou jou nie verdelg nie.[l] **11** Toe het Jehovah vir my gesê: ‘Staan op, gaan voor die volk uit sodat hulle wegtrek, sodat hulle kan ingaan en die land in besit kan neem wat ek aan hulle voorvaders met ’n eed beloof het om aan hulle te gee.’[m]

**12** “En nou, o Israel, wat anders vra Jehovah jou God van jou[n] as om Jehovah jou God te vrees,[o] om in al sy weë te wandel[p] en hom lief te hê[q] en Jehovah jou God te dien met jou hele hart en jou hele siel;[r] **13** om die gebooie van Jehovah en sy insettinge te onderhou[s] wat ek jou vandag beveel, sodat dit met jou goed kan gaan?[t] **14** Kyk, aan Jehovah jou God behoort die hemel,[u] ja, die hemel der hemele, die aarde[v] en alles wat daarin is. **15** Maar aan jou voorvaders het Jehovah geheg geraak om hulle lief te hê, sodat hy hulle nageslag ná hulle,[w] ja julle, uit al die volke uitgekies het, soos dit vandag is. **16** En julle moet die voorhuid van julle hart besny[a] en julle nek nie langer verhard nie.[b] **17** Want Jehovah julle God is die God van die gode[c] en die Here van die here,[d] die groot, magtige en vreesinboesemende God,[e] wat niemand partydig behandel[f] en ook nie ’n omkoopgeskenk aanvaar nie,[g] **18** wat aan die vaderlose seun en die weduwee reg verskaf[h] en die inwonende vreemdeling liefhet[i] sodat hy hom brood en ’n mantel gee. **19** Ook julle moet die inwonende vreemdeling liefhê,[j] want julle het inwonende vreemdelinge in Egipteland geword.[k]

**20** “Jehovah jou God moet jy vrees.[l] Hom moet jy dien[m] en hom moet jy aankleef,[n] en by sy naam moet jy beëdigde verklarings aflê.[o] **21** Hy is die Een wat jy moet loof,[p] en hy is jou God, wat hierdie groot en vreesinboesemende dinge wat jou oë gesien het, vir jou gedoen het.[q] **22** Met sewentig siele het jou voorvaders na Egipte afgetrek,[r] en nou het Jehovah jou God jou so talryk soos die sterre van die hemel gemaak.[s]

**11** “En jy moet Jehovah jou God liefhê[t] en altyd jou verpligting teenoor hom en sy insettinge en sy regterlike beslissings[u] en sy gebooie nakom. **2** En julle weet vandag goed (want ek praat nie met julle kinders wat die dissipline van Jehovah[v] julle God, sy grootheid,[w] sy sterk hand[x] en sy uitgestrekte arm[y] nie geken en nie gesien het nie, **3** en ook nie sy tekens en sy dade wat hy in Egipte gedoen het[z] aan Farao, die koning van Egipte, en aan

HFST. 10
a Nu 20:23; Nu 20:24; Nu 33:38
b Nu 20:28
c Nu 33:33
d Nu 1:50; Nu 3:6; Nu 8:14; Nu 16:9
e Nu 3:31; Nu 4:15; 1Kr 15:15
f De 18:5; 2Kr 29:11
g Nu 6:23; De 21:5; 2Kr 30:27
h Nu 18:24; Nu 26:62; De 18:1
i Nu 18:20
j Eks 24:18; Eks 34:28
k Eks 32:14
l Ese 33:11
m Ge 15:18
n Mi 6:8
o De 5:29; De 6:13; Ps 34:9; Spr 8:13
p De 5:33; Jos 22:5; Ese 11:20
q De 30:16
r De 6:5; De 11:13; Lu 10:27
s Eks 24:7
t De 6:24
u Ps 89:11; Ps 115:16; Jes 66:1
v 1Kr 29:11; Ps 24:1; 1Ko 10:26
w De 4:37; Ps 105:6

Tweede kol.
a De 30:6; Jer 4:4; Ro 2:29; Flp 3:3; Kol 2:11
b Eks 34:9; De 9:6; De 31:27
c Eks 18:11; 2Kr 2:5; Ps 97:9
d Ps 136:3
e De 7:21; Ne 1:5; Ne 9:32
f Job 34:19; Han 10:34; Ro 2:11; Ef 6:9
g 2Kr 19:7
h Ps 68:5; Ps 146:9; Jak 1:27
i Le 19:10; De 24:14
j Le 19:34
k Eks 22:21
l De 6:13
m Lu 4:8
n De 13:4
o De 6:13

p Eks 15:2; Ps 105:45; Op 19:6; q 2Sa 7:23; r Ge 46:27; Eks 1:5; Han 7:14; s Ge 15:5; De 1:10; Ne 9:23; **HFST. 11** t De 6:5; De 10:12; Mr 12:30; u De 4:45; v De 8:5; Heb 12:6; w De 5:24; De 9:26; x Eks 13:3; y De 7:19; Jes 63:12; z De 4:34; Ne 9:10; Ps 105:27.

sy hele land nie; **4** ook nie wat
hy aan die krygsmag van Egip-
te gedoen het nie, aan sy per-
de en sy strydwaens waaroor hy
die waters van die Rooi See laat
stroom het toe hulle hulle ag-
ternagesit het,[a] en Jehovah hul-
le vernietig het tot vandag toe;[b]
**5** ook nie wat hy vir julle in
die wildernis gedoen het totdat
julle op hierdie plek gekom het
nie; **6** ook nie wat hy aan Da-
tan en Abi′ram,[c] die seuns van
Eli′ab, die seun van Ruben, ge-
doen het nie, toe die aarde sy
mond oopgemaak het en hulle
en hulle huisgesinne en hulle
tente en alles wat bestaan het
en agter hulle aan geloop het,
onder die hele Israel verswelg
het);[d] **7** want julle oë het al
die groot dade van Jehovah ge-
sien wat hy gedoen het.[e]

**8** "En julle moet die hele ge-
bod onderhou[f] wat ek jou van-
dag beveel, sodat julle sterk kan
word en inderdaad kan ingaan
en die land in besit kan neem
waarheen julle oortrek om dit
in besit te neem,[g] **9** en sodat
julle julle dae kan verleng[h] in
die land wat Jehovah aan jul-
le voorvaders met 'n eed beloof
het om aan hulle en hulle saad
te gee,[i] 'n land wat oorloop van
melk en heuning.[j]

**10** "Want die land waarheen
jy gaan om dit in besit te neem,
is nie soos Egipteland waaruit
julle getrek het nie, waar jy jou
saad gesaai het en met jou voet
moes natlei, soos 'n groente-
tuin. **11** Maar die land waar-
heen julle oortrek om dit in be-
sit te neem, is 'n land van berge
en valleivlaktes.[k] Van die reën
van die hemel drink dit wa-
ter; **12** 'n land waarvoor Jeho-
vah jou God sorg. Die oë[l] van
Jehovah jou God is voortdurend
daarop, van die begin van die
jaar tot die einde van die jaar.

**13** "En as julle my gebooie
wat ek julle vandag beveel, vir
seker gehoorsaam,[a] om Jeho-
vah julle God lief te hê en hom
te dien met julle hele hart en
julle hele siel,[b] **14** dan sal ek
beslis vir julle land reën gee
op die vasgestelde tyd daar-
voor,[c] herfsreën en lentereën,[d]
en jy sal inderdaad jou graan en
jou soet wyn en jou olie insa-
mel. **15** En ek sal beslis plante
op jou veld gee vir jou mak die-
re,[e] en jy sal inderdaad eet en
versadig word.[f] **16** Let op jul-
leself sodat julle hart nie verlok
word[g] en julle afwyk en ander
gode aanbid en julle voor hulle
neerbuig nie[h] **17** en Jehovah
se toorn teen julle ontvlam en
hy die hemel toesluit sodat geen
reën sal val[i] en die grond sy op-
brengs nie sal gee nie en julle
gou uit die goeie land sal ver-
gaan wat Jehovah aan julle gee.[j]

**18** "En julle moet hierdie
woorde van my op julle hart[k] en
julle siel lê en dit as 'n teken
op julle hand bind, en dit moet
as 'n voorhoofsband tussen jul-
le oë dien.[l] **19** Julle moet dit
ook aan julle kinders leer, deur
daaroor te praat wanneer jy
in jou huis sit en wanneer jy
op die pad loop en wanneer jy
gaan lê en wanneer jy opstaan.[m]
**20** En jy moet dit op die deur-
poste van jou huis en op jou
poorte skryf,[n] **21** sodat julle
dae en die dae van julle kin-
ders baie kan wees[o] in die land
wat Jehovah aan julle voorva-
ders met 'n eed beloof het om
aan hulle te gee,[p] soos die dae
van die hemel oor die aarde.[q]

**22** "Want as julle hierdie he-
le gebod nougeset onderhou[r]
wat ek julle beveel, om dit
uit te voer, deur Jehovah julle
God lief te hê,[s] in al sy weë te

HFST. 11

a Eks 14:23; Ps 136:15; Heb 11:29
b Eks 14:28; Eks 15:4
c Nu 16:1; Ps 106:17
d Nu 16:32
e De 7:19; De 29:3
f Mt 5:19
g De 1:38
h De 4:40; Ps 91:16; Spr 3:2; Spr 10:27
i Ge 13:15; Ge 26:3; Ge 28:13; De 9:5
j Eks 3:8; Ese 20:6
k De 1:7; De 8:7; De 8:9
l 1Kn 9:3; Ps 33:18; Ps 34:15

Tweede kol.

a Eks 15:26; De 6:17
b De 4:29; De 6:5; De 10:12; Mt 22:37
c Le 26:4; De 28:12; Ps 65:10; Jes 30:23; Jer 14:22
d Jer 5:24; Jl 2:23; Jak 5:7
e Ps 104:14
f De 6:11; De 8:10; Jl 2:19
g De 29:18; Job 31:27; Heb 3:12
h De 8:19; De 30:17
i De 28:23; 1Kn 8:35; 2Kr 7:13; Am 4:7
j De 4:26; De 8:19; De 30:18; Jos 23:13
k De 6:6; Ps 37:31; Spr 7:3; Jes 51:7
l Eks 13:9; Eks 13:16; De 6:8
m De 4:9; De 6:7; Ps 34:11; Ps 78:5; Spr 22:6; Ef 6:4
n De 6:9
o De 4:40; De 6:2; Spr 3:2; Spr 4:10; Spr 9:11
p Ge 13:15
q Ps 72:5; Ps 89:29

**r** De 6:17; De 11:13; Pr 12:13; **s** De 6:5; Lu 10:27.

wandel[a] en hom aan te kleef,[b]
**23** dan sal Jehovah al hierdie
nasies ter wille van julle ver-
dryf,[c] en julle sal nasies wat gro-
ter en talryker is as julle, be-
slis uit hulle besitting verdryf.[d]
**24** Elke plek waarop julle voet-
sool trap, sal julle s’n word.[e]
Van die wildernis tot by die Li-
banon, van die Rivier, die Eu-
fraatrivier, tot by die weste-
like see sal julle grens wees.[f]
**25** Niemand sal teen julle
standhou nie.[g] Die skrik vir jul-
le en die vrees vir julle sal
Jehovah julle God op die opper-
vlak van die hele land laat kom[h]
waarop julle sal loop, net soos
hy julle beloof het.

**26** “Kyk, ek hou julle van-
dag die seën en die vloek voor:[i]
**27** die seën, mits julle die ge-
booie van Jehovah julle God ge-
hoorsaam[j] wat ek julle van-
dag beveel; **28** en die vloek,[k]
as julle die gebooie van Jeho-
vah julle God nie gehoorsaam
nie[l] en afwyk van die weg wat
ek julle vandag beveel, om agter
ander gode aan te loop wat julle
nie geken het nie.

**29** “En wanneer Jehovah jou
God jou in die land bring waar-
heen jy gaan om dit in besit
te neem,[m] dan moet jy die seën
gee op die berg Geri′sim[n] en die
vloek op die berg Ebal.[o] **30** Lê
hulle nie aan die kant van die
Jordaan in die rigting van die
sonsondergang, in die land van
die Kanaäniete wat in die A′ra-
ba[p] woon, teenoor Gilgal,[q] langs
die groot bome van More′[r] nie?
**31** Want julle trek deur die Jor-
daan om in te gaan en die land
in besit te neem wat Jehovah
julle God aan julle gee, en julle
moet dit in besit neem en daar-
in woon.[s] **32** En julle moet al
die voorskrifte en die regterlike
beslissings[t] sorgvuldig uitvoer
wat ek julle vandag voorhou.[u]

**12** “Dit is die voorskrifte[a]
en die regterlike beslis-
sings[b] wat julle sorgvuldig moet
uitvoer[c] in die land wat Jeho-
vah, die God van jou voorva-
ders, jou beslis in besit sal laat
neem, al die dae dat julle op die
aarde lewe.[d] **2** Julle moet al
die plekke heeltemal vernietig[e]
waar die nasies wat julle uit hul-
le besitting verdryf, hulle gode
gedien het, op die hoë berge en
die heuwels en onder elke blaar-
ryke boom.[f] **3** En julle moet
hulle altare afbreek[g] en hulle
heilige pilare verbrysel,[h] en jul-
le moet hulle heilige pale met
vuur verbrand[i] en die gesnede
beelde van hulle gode omkap,[j]
en julle moet hulle name uit dié
plek vernietig.[k]

**4** “So mag julle nie handel
met Jehovah julle God nie,[l]
**5** maar die plek wat Jehovah
julle God uit al julle stamme sal
kies om sy naam daar te vestig,
om dit daar te laat woon, moet
julle soek, en daarheen moet jy
gaan.[m] **6** En daarheen moet
julle julle brandoffers[n] en julle
offerandes en julle tiendes[o] en
die bydrae van julle hand[p] en
julle gelofteoffers[q] en julle vry-
willige gawes[r] en die eersgebo-
renes van julle beeste en van
julle kleinvee bring.[s] **7** En
daar moet julle voor Jehovah
julle God eet[t] en vrolik wees oor
alles wat julle onderneem,[u] julle
en julle huisgesinne, omdat Je-
hovah jou God jou geseën het.

**8** “Julle mag nie doen vol-
gens alles wat ons vandag hier
doen nie, elkeen net wat reg
is in sy eie oë,[v] **9** omdat jul-
le nog nie in die rusplek[w] en
die erfdeel gekom het wat Je-

HFST. 11
a Jos 22:5; Ps 81:13; Ese 11:20
b De 10:20; De 13:4
c Eks 23:28; De 9:5; Jos 3:10; Ps 44:2
d De 4:38; De 7:1; De 9:1
e Jos 1:3; Jos 14:9
f Ge 15:18; Eks 23:31
g De 7:24; Jos 1:5
h Eks 23:27; De 2:25; Jos 2:9; Jos 5:1
i De 28:2; De 28:15; De 30:1; De 30:15
j De 28:1; Ps 19:11; Jes 1:19
k Le 26:16; Jes 1:20
l Ro 2:8; Ro 2:9
m Eks 23:23; De 9:1
n De 27:12; Jos 8:33
o De 27:13; Jos 8:34
p De 1:7; De 3:17; Jos 12:3
q 2Kn 4:38
r Ge 12:6
s De 9:1; Jos 1:11
t De 4:45
u De 5:32; De 12:32; Ps 119:4; 1Jo 5:3

Tweede kol.

HFST. 12
a Le 26:46; De 4:5
b Le 19:37; Le 25:18
c De 4:40; De 6:1; Jak 1:22
d De 4:10; 1Kn 8:40
e Eks 34:13
f Ese 20:28
g Rig 2:2; Rig 6:25
h Eks 23:24; 2Kn 18:4
i Eks 34:13; 1Kn 15:13; 2Kn 23:14; 2Kr 14:3
j Nu 33:52; De 7:5; De 7:25
k Eks 23:13; Jos 23:7

l Le 18:3; De 12:31; 2Kn 17:15; m De 26:2; 2Kr 7:12; n Le 1:3; o De 12:17; De 14:22; p Nu 18:19; De 12:11; q Le 7:16; Le 22:18; r Le 23:38; 1Kr 29:9; Esr 2:68; s De 12:17; De 15:19; t De 14:23; De 15:20; u Le 23:40; De 12:12; De 12:18; De 14:26; Ps 32:11; Ps 100:2; Flp 4:4; v Nu 15:39; Rig 17:6; Spr 21:2; w 1Kn 8:56; 1Kr 23:25; Heb 4:8.

hovah jou God aan jou gee nie.
10 En julle moet deur die Jor-
daan trek[a] en in die land woon
wat Jehovah julle God as ’n be-
sitting aan julle gee,[b] en hy sal
julle beslis rus gee van al julle
vyande rondom, en julle sal in-
derdaad in veiligheid woon.[c]
11 En na die plek[d] wat Jeho-
vah julle God sal uitkies om sy
naam daar te laat woon, moet
julle alles bring wat ek julle be-
veel: julle brandoffers[e] en jul-
le offerandes, julle tiendes[f] en
die bydrae[g] van julle hand en
al julle beste gelofteoffers[h] wat
julle Jehovah plegtig sal be-
lowe. 12 En julle moet vrolik
wees voor Jehovah julle God,[i]
julle en julle seuns en julle dog-
ters en julle slawe en julle sla-
vinne en die Leviet wat in julle
poorte is, omdat hy geen deel of
erfdeel saam met julle het nie.[j]
13 Let op jouself sodat jy jou
brandoffers nie bring op enige
ander plek wat jy sien nie.[k]
14 Maar op die plek wat Jeho-
vah in een van jou stamme sal
uitkies, daar moet jy jou brand-
offers bring en daar moet jy al-
les doen wat ek jou beveel.[l]

15 “Maar wanneer jou siel
dit begeer, mag jy slag,[m] en jy
moet vleis eet ooreenkomstig
die seën van Jehovah jou God
wat hy jou in al jou poorte ge-
gee het. Die onreine[n] en die rei-
ne mag dit eet, soos die gasel
en soos die takbok.[o] 16 Net
die bloed mag julle nie eet nie.[p]
Op die grond moet jy dit uitgiet
soos water.[q] 17 Jy sal nie in
jou poorte die tiendes mag eet
van jou graan[r] of van jou nuwe
wyn of van jou olie of die eers-
geborenes van jou beeste en van
jou kleinvee[s] of enige van jou
gelofteoffers wat jy plegtig sal
belowe of jou vrywillige gawes[t]
of die bydrae van jou hand[u] nie.
18 Maar voor Jehovah jou God
moet jy dit eet op die plek wat
Jehovah jou God sal uitkies,[a] jy
en jou seun en jou dogter en jou
slaaf en jou slavin en die Leviet
wat in jou poorte is; en jy moet
vrolik wees[b] voor Jehovah jou
God oor alles wat jy onderneem.
19 Let op jouself dat jy die Le-
viet nie aan sy lot oorlaat,[c] al
jou dae in jou land nie.

20 “Wanneer Jehovah jou
God jou gebied uitbrei,[d] net
soos hy jou beloof het,[e] en jy be-
slis sê: ‘Laat ek vleis eet’, omdat
jou siel begeer om vleis te eet,
mag jy, wanneer jou siel dit be-
geer, vleis eet.[f] 21 As die plek
wat Jehovah jou God sal uitkies
om sy naam daar te vestig,[g] ver
van jou af is, dan moet jy van
jou beeste of van jou kleinvee
slag wat Jehovah jou gegee het,
net soos ek jou beveel het, en jy
moet in jou poorte eet wanneer
jou siel dit begeer.[h] 22 Maar
soos die gasel en die takbok ge-
eet mag word,[i] so mag jy dit eet:
die onreine[j] en die reine mag
dit saam eet. 23 Wees net vas-
beslote om nie die bloed te eet
nie,[k] want die bloed is die siel[l]
en jy mag nie die siel saam met
die vleis eet nie. 24 Jy mag dit
nie eet nie. Jy moet dit soos
water op die grond uitgiet.[m]
25 Jy mag dit nie eet nie, so-
dat dit met jou en jou kinders
ná jou goed kan gaan,[n] omdat
jy sal doen wat reg is in Jeho-
vah se oë.[o] 26 Net jou heili-
ge dinge[p] wat joune sal word en
jou gelofteoffers[q] moet jy neem,
en jy moet na die plek kom wat
Jehovah sal uitkies.[r] 27 En jy
moet jou brandoffers,[s] die vleis
en die bloed,[t] op die altaar van
Jehovah jou God bring; en die
bloed van jou offerandes moet
teen die altaar van Jehovah jou

**HFST. 12**

a Jos 3:17
b De 4:22, De 9:1
c De 33:28, 1Kn 4:25, Ps 4:8, Spr 1:33
d De 12:6, De 14:23, De 16:2, De 26:2
e Le 1:3
f De 14:22, De 26:12
g Nu 18:19, De 12:6
h Le 7:16, Le 22:18
i De 14:26, 1Kn 8:66, Ne 8:10, Flp 4:4
j Nu 18:24, De 10:9, De 14:29, Jos 13:14
k Le 17:4, 1Kn 12:28
l 2Kr 7:12
m De 12:21, De 14:26
n Le 5:2, Le 13:3
o De 14:5, De 15:22
p Ge 9:4, Le 7:26, Le 17:10, De 15:23, 1Sa 14:33, Ese 33:25, Han 15:29
q Le 17:13, De 15:23
r De 14:22
s De 12:6, De 14:23
t Le 23:38
u Nu 18:11

**Tweede kol.**

a De 12:11, De 14:23
b De 12:7, De 12:12, Flp 3:1
c Nu 18:21, De 14:27, 2Kr 31:4, Ne 10:38, Mal 3:8
d 1Kn 4:21
e Ge 15:18, Eks 34:24, De 11:24
f Le 11:2, De 14:4
g De 14:23, 2Kr 7:12
h De 12:15
i De 14:5, De 15:22
j Le 15:3, Le 15:16
k Le 3:17, De 12:16
l Ge 9:4, Le 17:11, Le 17:14
m Le 17:13, De 15:23

n De 4:40; Jes 3:10; o De 6:18; De 13:18; p Nu 5:9; Nu 18:19; q Le 22:18; r De 12:11; s Le 1:9; t Le 17:11.

God uitgegiet word,[a] maar die
vleis mag jy eet.
28 “Gee ag, en jy moet al
hierdie woorde gehoorsaam wat
ek jou beveel,[b] sodat dit met jou
en jou kinders ná jou tot onbe-
paalde tyd goed kan gaan,[c] om-
dat jy sal doen wat goed en reg
is in die oë van Jehovah jou
God.[d]
29 “Wanneer Jehovah jou
God die nasies na wie jy gaan
om hulle uit hulle besitting te
verdryf, voor jou uitroei,[e] moet
jy hulle ook uit hulle besitting
verdryf en in hulle land woon.[f]
30 Let op jouself sodat jy nie
agter hulle aan verstrik word[g]
nadat hulle voor jou uit ver-
delg is nie, en sodat jy nie na
hulle gode vra en sê nie: ‘Hoe
het hierdie nasies hulle gode ge-
dien? En ek, ja ek, sal net so
doen.’ 31 So mag jy nie handel
met Jehovah jou God nie,[h] want
alles wat vir Jehovah verfoeilik
is, wat hy haat, het hulle vir hul-
le gode gedoen, want selfs hul-
le seuns en hulle dogters ver-
brand hulle gereeld met vuur
vir hulle gode.[i] 32 Elke woord
wat ek julle beveel, moet julle
sorgvuldig uitvoer.[j] Julle mag
niks daarby voeg of daarvan
wegneem nie.[k]

**13** “As ’n profeet[l] of ’n dro-
mer[m] van ’n droom in jou
midde opstaan en jou ’n te-
ken of ’n voorteken gee,[n] 2 en
die teken of die voorteken kom
uit waaroor hy met jou gepraat
het[o] deur te sê: ‘Laat ons agter
ander gode aan loop, wat jy nie
geken het nie, en laat ons hul-
le dien’, 3 mag jy nie na die
woorde van dié profeet of na
die dromer van dié droom luis-
ter nie,[p] want Jehovah julle God
stel julle op die proef[q] om te
weet of julle Jehovah julle God
liefhet met julle hele hart en jul-
le hele siel.[a] 4 Julle moet Je-
hovah julle God volg, en hom
moet julle vrees en sy gebooie
moet julle onderhou en na sy
stem moet julle luister en hom
moet julle dien en hom moet jul-
le aankleef.[b] 5 En dié profeet[c]
of dié dromer van die droom
moet doodgemaak word,[d] want
hy het gepraat van opstand
teen Jehovah julle God, wat jul-
le uit Egipteland uitgelei en jou
uit die slawehuis verlos het, om
jou van die weg af te keer waar-
op Jehovah jou God jou beveel
het om te wandel;[e] en jy moet
die kwaad uit jou midde weg-
ruim.[f]
6 “As jou broer, die seun van
jou moeder, of jou seun of jou
dogter of jou innig geliefde vrou
of jou metgesel wat soos jou eie
siel is,[g] jou in die geheim pro-
beer verlei deur te sê: ‘Laat ons
ander gode gaan dien’,[h] wat jy
nie geken het nie, nie jy of jou
voorvaders nie, 7 party van
die gode van die volke wat rond-
om julle is, dié naby jou of dié
ver van jou af, van die een einde
van die land tot die ander ein-
de van die land, 8 mag jy nie
aan sy wens voldoen of na hom
luister nie,[i] ook mag jou oog
nie vir hom jammer voel nie,
en ook mag jy nie medelye voel[j]
of hom beskerm nie; 9 maar
jy moet hom vir seker dood-
maak.[k] Jou hand moet eerste
teen hom kom om hom dood te
maak, en daarna die hand van
die hele volk.[l] 10 En jy moet
hom met klippe stenig, en hy
moet sterf,[m] omdat hy jou pro-
beer afkeer het van Jehovah
jou God, wat jou uit Egipteland,
uit die slawehuis, uitgelei het.[n]
11 Dan sal die hele Israel hoor
en bang word, en hulle sal nie
weer so ’n slegte ding in jou
midde doen nie.[o]

**HFST. 12**
a Le 4:30
b Ps 89:31, Ps 105:45, 1Jo 5:3
c Ga 6:7
d Spr 4:4
e Eks 23:23, De 9:3, De 19:1, Ps 44:2, Ps 78:55
f De 6:10, Ps 105:44
g De 7:16, Ps 106:36, Ese 20:28, Ef 4:17
h Le 18:3, De 12:4
i Le 18:21, Le 20:2, De 18:10, 2Kn 17:15, Jer 32:35
j De 5:1, Jos 22:5, Ps 119:4
k De 4:2, Jos 1:7, Spr 30:6

**HFST. 13**
l De 18:22, Jer 6:13, Ese 13:2, Sag 13:4
m Jer 23:25, Jer 27:9
n Mr 13:22, 2Te 2:9
o Jer 28:9, Mt 7:22
p Jes 8:19
q De 8:2, Ps 66:10, Mt 24:24, 1Ko 11:19, 2Te 2:11

**Tweede kol.**
a De 6:5, De 10:12, Mt 22:37
b De 10:20
c Jes 9:15
d De 18:20, Jer 14:14, Sag 13:3
e De 6:14
f De 17:7, 1Ko 5:13
g 1Sa 18:1
h 1Kn 11:4, 2Pe 2:1
i Spr 1:10, Ga 1:8
j Ese 9:5
k Eks 22:20, Eks 32:27, Nu 25:5
l De 17:7
m Le 20:2, Le 20:27, De 17:5
n Eks 13:3
o De 17:13, De 19:20, 1Ti 1:20, 1Ti 5:20

**12** “As jy hoor dat daar in
een van jou stede, wat Jehovah
jou God aan jou gee om daar
te woon, gesê word: **13** ‘Deug-
niete het uit jou midde uitge-
gaan[a] om die inwoners van hul-
le stad te probeer afkeer[b] deur
te sê: “Laat ons ander gode
gaan dien”, wat julle nie geken
het nie’, **14** dan moet jy soek
en navors en deeglik navraag
doen;[c] en as die waarheid van
die saak bevestig is, dat hierdie
verfoeilike ding in jou midde ge-
doen is, **15** moet jy die inwo-
ners van daardie stad vir seker
met die skerpte van die swaard
slaan.[d] Gee dit en alles wat
daarin is, en sy mak diere, deur
die skerpte van die swaard aan
vernietiging oor.[e] **16** En al sy
buit moet jy in die middel van sy
openbare plein bymekaarbring,
en jy moet die stad en al sy
buit as ’n heeloffer aan Jehovah
jou God met vuur verbrand,[f] en
dit moet tot onbepaalde tyd ’n
puinhoop word.[g] Dit mag nooit
herbou word nie. **17** En hoe-
genaamd niks van wat deur die
ban geheilig is, mag aan jou
hand kleef nie,[h] sodat Jehovah
hom van sy brandende toorn
kan afwend[i] en inderdaad aan
jou barmhartigheid kan skenk
en hy beslis aan jou barmhartig-
heid kan bewys[j] en jou kan ver-
menigvuldig, net soos hy vir
jou voorvaders gesweer het.[k]
**18** Want jy moet na die stem
van Jehovah jou God luister
deur al sy gebooie te onderhou[l]
wat ek jou vandag beveel, ten
einde te doen wat reg is in die oë
van Jehovah jou God.[m]

**14** “Julle is kinders van Je-
hovah julle God.[n] Julle
mag julle nie stukkend sny[o] of
julle voorkop kaal skeer[p] vir ’n
dooie nie. **2** Want jy is ’n heili-
ge volk[q] vir Jehovah jou God, en
Jehovah het jou uitgekies om sy
volk te word, ’n spesiale eien-
dom,[a] uit al die volke wat op die
oppervlak van die aarde is.

**3** “Jy mag niks verfoeiliks,
van watter aard ook al, eet nie.[b]
**4** Dít is die diersoorte wat julle
mag eet:[c] die bul, die skaap en
die bok, **5** die takbok en die
gasel en die reebok[d] en die wilde
bok en die wildsbok en die wilde
skaap en die gems; **6** en elke
dier wat gesplete hoewe het en
waarvan die hoewe heeltemal
in twee gekloof is en wat herkou
onder die diere.[e] Dié mag julle
eet. **7** Maar die volgende soor-
te mag julle nie eet nie van dié
wat herkou of wat gesplete hoe-
we het wat heeltemal gekloof
is: die kameel[f] en die haas[g] en
die klipdassie,[h] want hulle her-
kou maar het nie gesplete hoe-
we nie. Hulle is vir julle onrein.
**8** Ook die vark,[i] want hy het ge-
splete hoewe, maar is geen her-
kouer nie. Hy is vir julle onrein.
Niks van hulle vleis mag julle
eet nie, en aan hulle karkasse
mag julle nie raak nie.[j]

**9** “Die volgende soorte mag
julle eet van alles wat in die wa-
ters is: Alles wat vinne en skub-
be het, mag julle eet.[k] **10** En
alles wat geen vinne en skubbe
het nie, mag julle nie eet nie.[l]
Dit is vir julle onrein.

**11** “Enige rein voël mag jul-
le eet. **12** Maar van dié mag
julle nie eet nie: die arend en
die visvalk en die swartaas-
voël,[m] **13** en die rooiwou en
die swartwou[n] en die gewone
wou volgens sy soorte; **14** en
elke raaf[o] volgens sy soorte;
**15** en die volstruis[p] en die uil
en die meeu en die valk vol-
gens sy soorte; **16** die steenuil
en die langoorui[q] en die swaan,
**17** en die pelikaan[r] en die aas-
voël en die kormorant, **18** en
die ooievaar en die reier vol-
gens sy soorte, en die hoep-hoep

**HFST. 13**
a 1Sa 2:12; 1Kn 21:10; Jud 19
b 2Kn 17:21
c De 17:4; De 19:15; 1Ti 5:19; Heb 10:28
d 2Kr 28:6
e Eks 22:20; Le 27:28
f Jos 6:24
g Jos 8:28; Jer 49:2; Mi 1:6
h Jos 6:18; Jos 7:1
i Jos 7:26; Jos 22:20
j Eks 33:19; Ps 78:38
k Ge 22:17; Ge 26:4; Ge 28:14
l De 12:32; Ne 1:5; Ps 119:4; 1Jo 5:3
m Eks 15:26; De 6:18

**HFST. 14**
n Jes 63:16; Jes 64:8; Jer 3:19; 1Ko 8:6
o Le 19:28; Jer 16:6
p Le 21:5
q Eks 19:6; Le 19:2; Le 20:26; De 28:9; Esr 9:2; 1Pe 1:15

**Tweede kol.**
a Eks 19:5; De 7:6; De 26:18
b Le 11:43; Le 20:25; Ese 4:14; Han 10:14
c Le 11:2
d 1Kn 4:23
e Le 11:3
f Le 11:4
g Le 11:6
h Le 11:5
i Le 11:7; Jes 65:4; Jes 66:17
j Le 11:8
k Le 11:9
l Le 11:10
m Le 11:13
n Le 11:14
o Le 11:15
p Le 11:16
q Le 11:17
r Le 11:18

en die vlermuis.[a] 19 En elke
insek met vlerke is vir julle on-
rein.[b] Hulle mag nie geëet word
nie. 20 Enige rein voël mag
julle eet.

21 “Julle mag geen dier eet
wat doodgegaan het nie.[c] Vir
die inwonende vreemdeling wat
in jou poorte is, kan jy dit gee,
en hy mag dit eet; of dit kan aan
’n uitlander verkoop word, want
jy is ’n heilige volk vir Jehovah
jou God.

“Jy mag ’n boklam nie in sy
moeder se melk kook nie.[d]

22 “Jy moet vir seker ’n tien-
de gee van die hele opbrengs
van jou saad, wat jaar na jaar
uit die land voortkom.[e] 23 En
voor Jehovah jou God, op die
plek wat hy sal uitkies om sy
naam daar te laat woon, moet jy
die tiendes eet van jou graan,[f]
van jou nuwe wyn en van jou
olie en die eersgeborenes van
jou beeste en van jou kleinvee;[g]
sodat jy kan leer om Jehovah
jou God altyd te vrees.[h]

24 “En as die reis vir jou te
lank is,[i] omdat jy dit nie sal kan
vervoer nie, aangesien die plek
wat Jehovah jou God sal uitkies
om sy naam daar te vestig,[j] te
ver van jou af sal wees (want
Jehovah jou God sal jou seën),[k]
25 dan moet jy dit in geld om-
sit, en jy moet die geld in jou
hand bind en na die plek reis
wat Jehovah jou God sal uitkies.
26 Dan moet jy die geld gee vir
alles wat jou siel begeer:[l] bees-
te en skape en bokke en wyn
en sterk drank[m] en enigiets wat
jou siel van jou vra; en jy moet
daar voor Jehovah jou God eet
en vrolik wees,[n] jy en jou huis-
gesin. 27 En die Leviet wat in
jou poorte is, mag jy nie aan
sy lot oorlaat nie,[o] want hy het
geen deel of erfdeel saam met
jou nie.[p]

28 “Aan die einde van drie
jaar moet jy die hele tiende van
jou opbrengs in dié jaar uit-
bring,[a] en jy moet dit in jou
poorte neersit. 29 En die Le-
viet,[b] omdat hy geen deel of erf-
deel saam met jou het nie, en
die inwonende vreemdeling[c] en
die vaderlose seun en die wedu-
wee,[d] wat in jou poorte is, moet
kom, en hulle moet eet en versa-
dig word; sodat Jehovah jou God
jou kan seën[e] in al die werk[f] van
jou hand wat jy sal doen.

**15** “Aan die einde van elke
sewe jaar moet jy ’n
kwytskelding laat plaasvind.
2 En die kwytskelding moet só
geskied:[g] elke skuldeiser moet
die skuld kwytskeld wat hy sy
naaste laat aangaan. Hy moe-
nie by sy naaste of sy broer op
betaling aandring nie,[h] want ’n
kwytskelding voor Jehovah
moet uitgeroep word.[i] 3 By
die uitlander[j] mag jy op betaling
aandring; maar wat daar ook al
van jou by jou broer is, moet jou
hand kwytskeld. 4 Niemand
onder jou moet egter arm word
nie, want Jehovah sal jou vir se-
ker seën[k] in die land wat Jeho-
vah jou God jou as ’n erfdeel
gee om dit in besit te neem,[l]
5 as jy net vir seker na die
stem van Jehovah jou God luis-
ter om hierdie hele gebod wat
ek jou vandag beveel, sorgvul-
dig uit te voer.[m] 6 Want Jeho-
vah jou God sal jou inderdaad
seën net soos hy jou beloof het,
en jy sal beslis aan baie na-
sies op pand leen,[n] terwyl jy self
van niemand sal leen nie; en jy
sal oor baie nasies heers, terwyl
hulle nie oor jou sal heers nie.[o]

7 “As een van jou broers on-
der jou arm word in een van
jou stede, in jou land wat Je-
hovah jou God aan jou gee,
moet jy nie jou hart verhard
of jou hand toehou vir jou arm

**HFST. 14**

a Le 11:19
b Le 11:20
c Eks 22:31, Le 17:15, Le 22:8, Ese 4:14
d Eks 23:19, Eks 34:26
e De 12:11, De 26:12
f De 12:6
g De 12:17, De 15:19
h Ps 5:7, Ps 19:9, Ps 111:10, Spr 8:13, Jes 8:13, Heb 12:28
i Eks 23:31, De 11:24, De 12:21
j De 12:5
k Eks 23:25, De 28:5, Spr 10:22, Mal 3:10
l De 12:15
m Nu 28:7
n De 12:7, De 26:11, Ps 100:2
o Nu 18:21, De 12:19, 2Kr 31:4, 1Ko 9:13
p Nu 18:20, Nu 26:62, De 10:9, Jos 14:3

**Tweede kol.**

a De 26:12
b De 12:12
c Eks 22:21, De 10:18
d De 26:12, Jak 1:27
e De 15:10, Ps 41:1, Mal 3:10
f Spr 11:24, Spr 19:17, Lu 6:35

**HFST. 15**

g Le 25:2
h Jak 2:13
i De 31:10
j Eks 12:43, De 14:21, De 23:20
k De 14:29, De 28:8, Spr 11:25, Spr 14:21, Spr 28:27
l Nu 33:53, Ps 135:12
m De 4:40, Jos 1:7, Jes 1:19
n De 28:12, Spr 22:7
o De 28:13, 1Kn 4:24

broer nie.[a] **8** Want jy moet jou
hand met vrygewigheid vir hom
oopmaak[b] en vir seker soveel
as wat hy nodig het, waaraan
dit hom ontbreek, op pand aan
hom leen. **9** Let op jouself dat
daar nie ’n onedele woord in jou
hart opkom[c] nie deurdat jy sê:
‘Die sewende jaar, die jaar van
die kwytskelding, het naby ge-
kom’,[d] en jou oog inderdaad on-
vrygewig teenoor jou arm broer
word,[e] en jy hom niks gee nie,
en hy teen jou tot Jehovah moet
roep,[f] en dit vir jou ’n sonde ge-
word het.[g] **10** Jy moet vir se-
ker aan hom gee,[h] en jou hart
moenie suinig wees wanneer jy
aan hom gee nie, want Jehovah
jou God sal jou hiervoor seën in
al jou werk en in alles wat jy on-
derneem.[i] **11** Want die arme
sal nooit in die land ontbreek
nie.[j] Daarom beveel ek jou deur
te sê: ‘Jy moet jou hand met
vrygewigheid oopmaak vir jou
geteisterde en arm broer in jou
land.’[k]

**12** “As jou broer, ’n Hebreeu-
se man of ’n Hebreeuse vrou,
aan jou verkoop word,[l] en hy
jou ses jaar gedien het, dan
moet jy hom in die sewende jaar
as ’n vrygelatene van jou weg-
stuur.[m] **13** En as jy hom as ’n
vrygelatene van jou wegstuur,
mag jy hom nie met leë han-
de wegstuur nie.[n] **14** Jy moet
hom gewis iets van jou klein-
vee en jou dorsvloer en jou olie-
en wynpers gee. Na die mate
waarin Jehovah jou God jou ge-
seën het, moet jy aan hom gee.[o]
**15** En jy moet onthou dat jy ’n
slaaf in Egipteland geword het
en dat Jehovah jou God jou ver-
los het.[p] Daarom gee ek jou
vandag hierdie bevel.

**16** “En as hy vir jou sê: ‘Ek
sal nie van u af weggaan nie!’
omdat hy jou en jou huisge-
sin liefhet, aangesien dit met
hom goed gegaan het by jou,[a]
**17** dan moet jy ’n els neem en
dit deur sy oor en in die deur
steek, en hy sal tot onbepaal-
de tyd jou slaaf word.[b] En met
jou slavin moet jy ook so doen.
**18** Dit moenie iets moeiliks in
jou oë wees wanneer jy hom as
’n vrygelatene van jou af weg-
stuur nie;[c] want vir dubbel die
waarde van ’n loonarbeider[d] het
hy jou ses jaar gedien, en Jeho-
vah jou God het jou geseën in al-
les wat jy doen.[e]

**19** “Elke manlike eersgebo-
rene wat onder jou beeste en
onder jou kleinvee gebore word,
moet jy aan Jehovah jou God
heilig.[f] Jy mag met die eersge-
borene van jou bul geen werk
doen nie, en ook nie die eersge-
borene van jou kleinvee skeer
nie.[g] **20** Voor Jehovah jou
God moet jy dit jaar na jaar
eet op die plek wat Jehovah
sal uitkies,[h] jy en jou huisgesin.
**21** En as daar ’n gebrek aan is,
as dit kreupel of blind is, eni-
ge slegte gebrek, mag jy dit nie
aan Jehovah jou God offer nie.[i]
**22** In jou poorte moet jy dit eet,
die onreine en die reine saam,[j]
soos die gasel en soos die tak-
bok.[k] **23** Net sy bloed mag jy
nie eet nie.[l] Op die grond moet
jy dit uitgiet soos water.[m]

**16** “Laat die maand Abib[n]
onderhou word, en jy
moet die pasga vir Jehovah jou
God vier,[o] want in die maand
Abib het Jehovah jou God jou
in die nag uit Egipte uitgelei.[p]
**2** En jy moet die pasga vir Jeho-
vah jou God offer,[q] uit die klein-
vee en uit die beeste,[r] op die
plek wat Jehovah sal uitkies om
sy naam daar te laat woon.[s]
**3** Jy mag sewe dae lank niks

**HFST. 15**
a Spr 21:13; Jak 2:16; 1Jo 3:17
b Le 25:35; Ps 37:26; Spr 19:17; Mt 5:42; Lu 6:35; Ga 2:10
c Spr 4:23; Jer 17:10; Mt 15:19
d De 15:1
e Spr 28:22; 1Pe 4:9
f Eks 22:23; De 24:15; Job 34:28; Spr 21:13; Jak 5:4
g Mt 25:45; Jak 4:17
h Han 20:35; 2Ko 9:7; 1Ti 6:18; Heb 13:16
i De 15:4; De 24:19; Ps 41:1; Spr 22:9; Jes 32:8; 2Ko 9:8
j Mt 26:11
k Spr 3:27; Mt 5:42; Lu 12:33; Han 2:45
l Eks 21:2; Le 25:39
m De 15:1; Jer 34:14
n Eks 3:21; Eks 12:36; Spr 3:27; Kol 4:1
o Spr 10:22; Han 20:35
p Eks 20:2; De 5:15; Mt 18:33

**Tweede kol.**
a Eks 21:5
b Eks 21:6
c De 15:10
d Le 19:13; De 24:15
e Ge 30:30
f Eks 13:2; Eks 34:19; Le 27:26; Nu 3:13; Nu 18:15; Nu 18:17
g Eks 22:30; De 12:6
h De 12:5; De 14:23; De 16:11
i Le 22:20; De 17:1; Mal 1:8; Heb 9:14
j De 12:15; De 12:22
k De 14:5; 1Kn 4:23
l Ge 9:4; Le 7:26; Le 17:10; 1Sa 14:33; Han 15:20

m Le 17:13; De 12:16; **HFST. 16** n Eks 12:2; Eks 13:4; o Eks 12:14; Le 23:5; Nu 9:2; Nu 28:16; 1Ko 5:7; Heb 11:28; p Eks 34:18; q Mt 26:17; Lu 22:7; r Eks 12:5; 2Kr 35:7; s De 12:5; 1Kn 8:29.

gesuurds daarby eet nie.[a] Jy
moet ongesuurde koeke daarby
eet, die brood van ellende, want
haastig het jy uit Egipteland
uitgetrek,[b] sodat jy al die dae
van jou lewe die dag van jou
uittog uit Egipteland kan ont-
hou.[c] **4** En sewe dae lank mag
daar geen suurdeeg by jou in jou
hele gebied gesien word nie,[d] en
ook mag niks van die vleis wat
jy op die eerste dag in die aand
sal offer, die hele nag tot die og-
gend toe oorbly nie.[e] **5** Jy sal
die pasga nie mag offer in een
van jou stede wat Jehovah jou
God aan jou gee nie. **6** Maar
op die plek wat Jehovah jou God
sal uitkies om sy naam daar te
laat woon,[f] moet jy die pasga
in die aand offer sodra die son
ondergaan,[g] op die vasgestel-
de tyd van jou uittog uit Egip-
te. **7** En jy moet dit gaarmaak
en eet[h] op die plek wat Jehovah
jou God sal uitkies,[i] en in die og-
gend moet jy omdraai en na jou
tente gaan. **8** Ses dae moet jy
ongesuurde koeke eet; en op die
sewende dag sal daar 'n plegtige
vergadering vir Jehovah jou
God wees.[j] Jy mag geen werk
doen nie.

**9** "Sewe weke moet jy vir jou
tel. Vandat die sekel die eerste
keer in die ongesnyde graan ge-
steek word, moet jy sewe weke
begin tel.[k] **10** Dan moet jy
vir Jehovah jou God die fees
van die weke vier,[l] ooreenkom-
stig die vrywillige gawe van jou
hand wat jy sal gee, na die mate
waarin Jehovah jou God jou
seën.[m] **11** En jy moet vrolik
wees voor Jehovah jou God,[n] jy
en jou seun en jou dogter en jou
slaaf en jou slavin en die Leviet
wat in jou poorte is en die inwo-
nende vreemdeling[o] en die va-
derlose seun[p] en die weduwee[q]
wat in jou midde is, op die plek
wat Jehovah jou God sal uitkies
om sy naam daar te laat woon.[a]
**12** En jy moet onthou dat jy 'n
slaaf in Egipte geword het,[b] en
jy moet hierdie voorskrifte on-
derhou en nakom.[c]

**13** "Die huttefees[d] moet jy
sewe dae lank vier wanneer
jy van jou dorsvloer en van
jou olie- en wynpers insame-
ling hou. **14** En jy moet vrolik
wees gedurende jou fees,[e] jy en
jou seun en jou dogter en jou
slaaf en jou slavin en die Le-
viet en die inwonende vreem-
deling en die vaderlose seun en
die weduwee wat in jou poor-
te is. **15** Sewe dae moet jy die
fees vir Jehovah jou God vier[f]
op die plek wat Jehovah sal uit-
kies, want Jehovah jou God sal
jou in jou hele opbrengs en in al
die werk van jou hand seën,[g] en
jy moet net vreugdevol wees.[h]

**16** "Drie keer in die jaar
moet almal wat manlik is onder
jou, voor Jehovah jou God ver-
skyn op die plek wat hy sal uit-
kies:[i] op die fees van die onge-
suurde koeke[j] en op die fees van
die weke[k] en op die huttefees,[l]
en niemand mag met leë han-
de voor Jehovah verskyn nie.[m]
**17** Die gawe van elkeen se hand
moet wees ooreenkomstig die
seën van Jehovah jou God wat
hy jou gegee het.[n]

**18** "Jy moet vir jou regters[o]
en beamptes[p] aanstel in al jou
poorte wat Jehovah jou God jou
gee volgens jou stamme, en hul-
le moet die volk met regverdige
regspraak oordeel. **19** Jy mag
die reg nie verdraai nie.[q] Jy mag
nie partydig wees[r] of 'n om-
koopgeskenk aanvaar nie, want
die omkoopgeskenk verblind
die oë van wyses[s] en verdraai
die woorde van regverdiges.
**20** Geregtigheid—geregtigheid

**HFST. 16**
a Eks 13:3; Le 23:6; Nu 28:17; 1Ko 5:8
b Eks 12:33
c Eks 12:14; Eks 13:8; Eks 13:9
d Eks 12:15; Eks 13:7
e Eks 12:10; Eks 34:25
f De 16:2
g Eks 12:6; Nu 9:3; Mt 26:20
h Eks 12:8; 2Kr 35:13
i 2Kn 23:23; Joh 2:13; Joh 11:55
j Eks 12:16; Le 23:8
k Eks 23:16; Eks 34:22; Le 23:15
l Nu 28:26; 2Kr 8:13
m De 16:17; 1Ko 16:2; 2Ko 8:12
n De 12:7
o Nu 15:16
p De 10:18
q Jak 1:27

**Tweede kol.**
a De 12:5
b Ge 15:13; Eks 3:7; De 5:15
c Pr 12:13; 1Jo 5:3
d Eks 23:16; Le 23:34; Nu 29:12; De 31:10; Sag 14:16; Joh 7:2
e Le 23:40; De 12:12; De 26:11; Ne 8:10; Ne 8:17; Pr 5:18
f Le 23:36; Ne 8:18
g De 7:13; De 28:8; De 30:16
h Flp 4:4; 1Te 5:16
i Eks 23:14; Eks 34:23
j Eks 23:15; Le 23:6; Nu 28:17
k De 16:10
l De 16:13
m Eks 23:15; Eks 34:20; Ps 96:8
n De 16:10; 2Ko 8:12
o Eks 18:26; De 1:16; 2Kr 19:5
p Nu 11:16; 1Kr 23:4
q Eks 23:2; Le 19:15; 1Sa 8:3

r De 1:17; Spr 24:23; Han 10:34; s Eks 23:8; 1Sa 12:3; Pr 7:7; Am 5:12.

moet jy nastreef,[a] sodat jy kan
bly lewe en inderdaad die land
in besit kan neem wat Jehovah
jou God aan jou gee.[b]
**21** “Jy mag vir jou geen
boom as ’n heilige paal plant
naby die altaar van Jehovah jou
God wat jy vir jou sal maak nie.[c]
**22** “Ook mag jy vir jou geen
heilige pilaar oprig nie,[d] iets
wat Jehovah jou God inderdaad
haat.[e]

**17** “Jy mag aan Jehovah jou
God geen bul of skaap of-
fer waaraan ’n gebrek, enigiets
slegs, is nie; want dit is iets ver-
foeiliks vir Jehovah jou God.[f]
**2** “As daar in jou midde, in
een van jou stede wat Jehovah
jou God aan jou gee, ’n man of ’n
vrou gevind word wat beoefen
wat sleg is in die oë van Jeho-
vah jou God deur sy verbond te
oortree,[g] **3** en hy ander gode
gaan aanbid en hom voor hulle
of voor die son of die maan of
die hele leër van die hemel neer-
buig,[h] iets wat ek nie beveel
het nie,[i] **4** en dit vir jou ver-
tel is, en jy dit gehoor en deeg-
lik ondersoek ingestel het, en
kyk! die waarheid van die saak
is bevestig,[j] hierdie verfoeilike
ding is in Israel gedoen! **5** dan
moet jy dié man of dié vrou wat
hierdie slegte ding gedoen het,
na jou poorte uitbring, ja, die
man of die vrou, en jy moet so
iemand met klippe stenig, en so
iemand moet sterf.[k] **6** Uit die
mond van twee getuies of van
drie getuies[l] moet die een wat
moet sterf, doodgemaak word.
Hy sal nie uit die mond van
een getuie doodgemaak word
nie.[m] **7** Die hand van die ge-
tuies moet eerste teen hom kom
om hom dood te maak, en daar-
na die hand van die hele volk;[n]
en jy moet die kwaad uit jou
midde wegruim.[o]

**8** “As ’n saak wat ’n regter-
like beslissing vereis, te buiten-
gewoon vir jou is,[a] soos ’n saak
waarby bloed vergiet is,[b] waar-
by ’n wettige eis ingestel is[c] of ’n
gewelddaad gepleeg is, geskil-
punte[d] in jou poorte, dan moet
jy opstaan en opgaan na die
plek wat Jehovah jou God sal
uitkies,[e] **9** en jy moet na die
priesters,[f] die Leviete, gaan en
na die regter[g] wat in dié dae
sal dien, en jy moet navraag
doen, en hulle sal die woord van
die regterlike beslissing aan jou
oordra.[h] **10** Dan moet jy han-
del ooreenkomstig die woord
wat hulle aan jou sal oordra uit
dié plek wat Jehovah sal uit-
kies; en jy moet sorgvuldig han-
del volgens alles waaroor hulle
jou onderrig. **11** Ooreenkom-
stig die wet waarop hulle jou
sal wys en volgens die regterli-
ke beslissing wat hulle aan jou
bekend sal maak, moet jy han-
del.[i] Jy mag nie afwyk van die
woord wat hulle aan jou sal oor-
dra nie, nie regs of links nie.[j]
**12** En die man wat hom verme-
tel gedra deur nie te luister na
die priester wat daar staan om
Jehovah jou God te dien, of na
die regter nie,[k] dié man moet
sterf;[l] en jy moet die kwaad
uit Israel wegruim.[m] **13** En
die hele volk sal dit hoor en
bang word,[n] en hulle sal nie
meer vermetel handel nie.
**14** “Wanneer jy uiteindelik
in die land kom wat Jehovah jou
God aan jou gee, en jy dit in
besit geneem en daarin gewoon
het,[o] en jy gesê het: ‘Laat ek ’n
koning oor my aanstel soos al
die nasies wat rondom my is’,[p]
**15** moet jy vir seker ’n koning
oor jou aanstel wat Jehovah jou
God sal kies.[q] Uit die midde van
jou broers moet jy ’n koning oor
jou aanstel. Jy sal geen uitlan-
der, wat nie jou broer is nie, oor

HFST. 16
a De 25:16, Ese 18:8, Mi 6:8
b De 4:1
c Eks 34:13, Rig 3:7, 2Kr 33:3
d Eks 23:24, Le 26:1, De 12:3
e De 12:31, Jer 44:4

HFST. 17
f Le 22:20, De 15:21, Mal 1:8
g De 4:23, De 13:6, Rig 2:20
h De 4:19, Jer 8:2, Ese 8:16
i Jer 7:18, Jer 19:5
j De 13:14, Joh 7:51
k De 13:10
l Nu 35:30, Mt 18:16, Joh 8:17, 2Ko 13:1, 1Ti 5:19, Heb 10:28
m De 19:15
n De 13:9
o De 13:5, 1Ko 5:13

Tweede kol.
a De 1:17
b Nu 35:11
c 1Kn 3:28, Jes 1:17, Jer 5:28
d 1Kn 3:16
e De 12:5, Ps 122:2, Ps 122:5
f De 19:17, De 21:5, Hag 2:11, Mal 2:7
g 1Sa 7:16
h De 19:17, De 21:5
i Mal 2:7
j De 5:32, De 12:32, Jos 1:7, Spr 4:27
k Ps 19:13, Spr 11:2, Ho 4:4
l Heb 10:28
m De 13:5, 1Ko 5:13
n Nu 15:31, De 13:11, De 19:20
o De 7:1, Jos 1:3, Ps 44:2
p 1Sa 8:5, 1Sa 8:20, 1Sa 10:19
q 1Sa 9:17, 1Sa 10:24, 1Sa 16:12

jou mag aanstel nie. **16** Maar hy mag nie vir hom perde vermeerder[a] of die volk na Egipte laat teruggaan om perde te vermeerder nie,[b] aangesien Jehovah vir julle gesê het: ‘Julle mag nooit weer op hierdie pad teruggaan nie.’ **17** Hy mag ook nie vir hom baie vrouens neem nie, sodat sy hart nie afwyk nie;[c] ook mag hy nie vir hom silwer en goud grootliks laat toeneem nie.[d] **18** En wanneer hy op die troon van sy koninkryk gaan sit, moet hy vir hom ’n afskrif van hierdie wet in ’n boek skryf, uit dié wat in die bewaring is van die priesters, die Leviete.[e]

**19** “En dit moet voortdurend by hom wees, en hy moet al die dae van sy lewe daarin lees,[f] sodat hy kan leer om Jehovah sy God te vrees, om al die woorde van hierdie wet en hierdie voorskrifte te onderhou deur dit te doen;[g] **20** sodat sy hart hom nie bo sy broers verhef nie[h] en hy nie regs of links van die gebod afwyk nie,[i] sodat hy sy dae in sy koninkryk kan verleng,[j] hy en sy seuns in die midde van Israel.

**18** “Die priesters, die Leviete, die hele stam Levi, mag geen deel of erfdeel saam met Israel kry nie.[k] Die vuuroffers van Jehovah, ja, sy erfdeel, moet hulle eet.[l] **2** En hy mag geen erfdeel onder sy broers kry nie. Jehovah is sy erfdeel,[m] net soos hy vir hom gesê het.

**3** “En dít moet die reg bly wat die priesters toekom van die volk af, van dié wat ’n slagoffer bring, of dit ’n bul of ’n skaap is: Jy moet vir die priester die skouerblad en die kakebene en die maag gee. **4** Die eerstelinge van jou graan, jou nuwe wyn en jou olie en die eerstelinge van die wolskeersel van jou kleinvee moet jy vir hom gee.[a] **5** Want Jehovah jou God het hom uit al jou stamme uitgekies sodat hy altyd kan staan om in die naam van Jehovah te dien, hy en sy seuns.[b]

**6** “En as die Leviet uit een van jou stede van die hele Israel gaan, waar hy ’n ruk vertoef het,[c] en hy weens enige begeerte van sy siel na die plek kom wat Jehovah sal uitkies,[d] **7** moet hy ook in die naam van Jehovah sy God dien net soos al sy broers, die Leviete, wat daar voor Jehovah staan.[e] **8** ’n Gelyke deel moet hy eet,[f] buiten wat hy kry uit wat hy van sy voorvaderlike besittings verkoop.

**9** “Wanneer jy die land ingegaan het wat Jehovah jou God aan jou gee, mag jy nie leer om volgens die verfoeilike dinge van daardie nasies te doen nie.[g] **10** Daar mag niemand onder jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat gaan,[h] wat van waarsêery gebruik maak,[i] die toorkuns beoefen[j] of voortekens soek[k] of wat ’n towenaar is nie,[l] **11** of wat ’n towerspreuk oor ander uitspreek[m] of ’n geestemedium[n] of ’n beroepsvoorspeller van gebeure om inligting vra[o] of die dooies raadpleeg[p] nie. **12** Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir Jehovah verfoeilik, en weens hierdie verfoeilike dinge verdryf Jehovah jou God hulle voor jou uit.[q] **13** Jy moet onberispelik wees teenoor Jehovah jou God.[r]

**14** “Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdryf, het geluister na dié wat die toorkuns beoefen[s] en na dié wat

**HFST. 17**

a De 20:1; 2Sa 8:4; Ps 20:7; Spr 21:31
b Jes 31:1; Jes 36:9; Ese 17:15
c 1Kn 11:3; Ne 13:26
d Job 31:24; Ps 62:10; 1Ti 6:9
e De 31:9; De 31:26; 2Kn 22:8
f 2Kr 34:18
g De 11:18; Ps 1:2; Ps 119:97
h 1Sa 15:17; 2Kr 32:25; Ps 131:1; Mr 10:42; 1Pe 5:5
i De 5:32; 1Sa 13:13; 1Kn 15:5
j Spr 10:27

**HFST. 18**

k Nu 18:24; De 10:9; Jos 13:33
l Nu 18:8; Jos 13:14; 1Ko 9:13
m Nu 18:20

**Tweede kol.**

a Eks 23:19; Nu 18:12; De 26:10; 2Kr 31:4; Ne 12:44
b Eks 28:1; Nu 3:10; De 10:8; De 17:12
c Nu 35:2
d De 12:5; De 16:2; Ps 26:8
e 2Kr 31:2
f Le 7:10; Lu 10:7; 1Ti 5:18
g Le 18:26; De 12:30
h Le 18:21; De 12:31; 2Kn 16:3; 2Kr 28:3; Ps 106:37; Jer 19:5; Jer 32:35
i 2Kn 17:17; Han 16:16
j Le 19:26; Han 19:19
k Ese 21:21
l Eks 22:18
m Jes 47:9
n Le 20:27; 1Kr 10:13
o Le 19:31; 2Kr 33:6
p 1Sa 28:3; 1Sa 28:11; Jes 8:19; Ga 5:20

q Le 18:24; De 9:4; r 2Sa 22:24; Ps 37:18; Mt 5:48; 2Pe 3:14; s Le 19:26; 2Kn 21:2; 2Kn 21:6.

waarsê;[a] maar wat jou betref,
Jehovah jou God het jou nie so
iets gegee nie.[b] **15** ’n Profeet
uit jou midde, uit jou broers,
soos ek, sal Jehovah jou God vir
jou verwek—na hom moet julle
luister[c]— **16** in antwoord op
alles wat jy op die dag van die
vergadering[d] in Horeb van Je-
hovah jou God gevra het deur
te sê: ‘Moenie my weer die stem
van Jehovah my God laat hoor
nie, en laat my hierdie groot
vuur nie meer sien nie, sodat
ek nie sterf nie.’[e] **17** Daarop
het Jehovah vir my gesê: ‘Hul-
le het goed gedoen in wat hul-
le gesê het.[f] **18** ’n Profeet sal
ek vir hulle uit die midde van
hulle broers verwek, soos jy;[g] en
ek sal my woorde inderdaad in
sy mond lê,[h] en hy sal beslis vir
hulle alles sê wat ek hom sal be-
veel.[i] **19** En die man wat nie
luister na my woorde wat hy
in my naam sal spreek nie, van
hom sal ek self rekenskap eis.[j]

**20** “‘Maar die profeet wat
hom aanmatig om ’n woord in
my naam te spreek wat ek hom
nie beveel het om te spreek
nie,[k] of wat in die naam van
ander gode spreek,[l] dié profeet
moet sterf.[m] **21** En as jy in jou
hart sê: “Hoe sal ons weet wat-
ter woord Jehovah nie gespreek
het nie?”[n]— **22** wanneer die
profeet in die naam van Jeho-
vah spreek en die woord nie
uitkom of bewaarheid word nie,
dan is dít die woord wat Jeho-
vah nie gespreek het nie. Deur
vermetelheid het die profeet dit
gespreek.[o] Jy mag nie vir hom
bang word nie.’[p]

**19** “Wanneer Jehovah jou
God die nasies uitroei[q]
wie se land Jehovah jou God aan
jou gee, en jy hulle uit hulle be-
sitting verdryf het en in hulle
stede en hulle huise gaan woon
het,[r] **2** moet jy vir jou drie
stede afsonder in jou land wat
Jehovah jou God aan jou gee
om dit in besit te neem.[a] **3** Jy
moet vir jou die pad gereed-
maak, en jy moet die gebied van
jou land wat Jehovah jou God as
’n besitting aan jou gegee het,
in drie dele verdeel, en dit moet
wees sodat enigeen wat iemand
doodgemaak het, daarheen kan
vlug.[b]

**4** “En dít is die saak van
hom wat iemand doodgemaak
het wat daarheen vlug en moet
bly lewe: Wanneer hy sy mede-
mens doodslaan sonder om dit
te weet en hy hom nie voorheen
gehaat het nie;[c] **5** of wanneer
hy saam met sy medemens in
die bos ingaan om hout byme-
kaar te maak en sy hand gelig is
om die byl te swaai om die boom
af te kap, en die yster van die
houtsteel afgeglip het[d] en dit sy
medemens getref en hy gesterf
het, moet hy na een van hierdie
stede vlug en bly lewe.[e] **6** An-
ders kan die bloedwreker,[f] om-
dat sy hart vol woede is, hom
wat iemand doodgemaak het,
agternasit en hom inhaal, aan-
gesien die pad lank is; en hy kan
sy siel inderdaad doodslaan,
terwyl daar geen doodsvonnis[g]
vir hom is nie, omdat hy hom
nie voorheen gehaat het nie.
**7** Daarom beveel ek jou en sê:
‘Drie stede moet jy vir jou af-
sonder.’[h]

**8** “En as Jehovah jou God
jou gebied uitbrei volgens wat
hy vir jou voorvaders gesweer
het,[i] en hy jou die hele land ge-
gee het wat hy beloof het om
aan jou voorvaders te gee[j]—
**9** omdat jy hierdie hele gebod
sal onderhou wat ek jou vandag
beveel deur dit uit te voer, om
Jehovah jou God lief te hê en al-
tyd in sy weë te wandel[k]—dan
moet jy vir jou drie ander stede
by hierdie drie voeg,[l] **10** sodat

**HFST. 18**
a Jos 13:22
b Ps 147:20; Han 14:16
c Ge 49:10; Nu 24:17; Lu 7:16; Lu 24:19; Joh 1:45; Joh 6:14; Han 3:22; Han 7:37
d Eks 19:17; De 9:10
e Eks 20:19
f De 5:28
g Eks 34:28; Nu 12:3; Mal 3:1; Mt 4:2; Mt 11:29; Lu 24:27; Lu 24:44; Joh 5:46
h Joh 8:28; Joh 17:8
i Joh 12:49; Joh 15:15; Heb 1:2
j Han 3:23
k De 13:1; Jer 14:14; Jer 28:11; Ese 13:6; Mt 7:15
l De 13:2; 1Kn 18:19; Jer 23:13
m De 13:5; Jer 27:15; Sag 13:3
n 1Jo 4:1
o Jer 28:15
p Spr 29:25

**HFST. 19**
q Eks 34:24; Jos 24:8
r De 6:10; De 7:1; De 9:1; De 12:29

**Tweede kol.**
a Eks 21:13; Nu 35:14; Jos 20:7
b Jos 20:9
c Nu 35:15; De 4:42
d 2Kn 6:5
e Nu 35:25
f Nu 35:12; Nu 35:19; Jos 20:5; 2Sa 14:7
g De 17:8; Jos 20:4; 2Kr 19:10
h De 19:2
i Ge 15:18; Eks 23:31; De 11:24
j Ge 28:14; De 12:20
k De 11:22; De 12:32; 1Jo 5:3
l Jos 20:8

geen onskuldige bloed[a] vergiet
word in jou land wat Jehovah
jou God jou as ’n erfdeel gee
en geen bloedskuld op jou kom
nie.[b]
**11** “Maar as ’n man sy mede-
mens haat,[c] en hy hom voorge-
lê en teen hom opgestaan en sy
siel noodlottig getref het en hy
gesterf het,[d] en die man na een
van hierdie stede gevlug het,
**12** dan moet die ouer man-
ne van sy stad stuur en hom
daarvandaan laat haal, en hul-
le moet hom in die hand van
die bloedwreker oorlewer, en hy
moet sterf.[e] **13** Jou oog mag
nie vir hom jammer voel nie,[f]
en jy moet die skuld weens on-
skuldige bloed uit Israel weg-
ruim,[g] sodat dit met jou goed
kan gaan.
**14** “Jy mag die grensbakens
van jou medemens nie verskuif[h]
wanneer die voorouers die
grense vasgestel het in jou erf-
deel wat jy sal beërf in die land
wat Jehovah jou God aan jou
gee om dit in besit te neem nie.
**15** “ ’n Enkele getuie mag nie
teen ’n man opstaan ten opsig-
te van enige oortreding of eni-
ge sonde,[i] in die geval van enige
sonde wat hy pleeg nie. Uit die
mond van twee getuies of uit
die mond van drie getuies moet
die saak vasstaan.[j] **16** As ’n
getuie wat geweld beraam, teen
’n man opstaan om ’n aanklag
van opstand teen hom in te
bring,[k] **17** dan moet die twee
manne wat die geskil het, voor
Jehovah staan, voor die pries-
ters en die regters wat in dié
dae sal dien.[l] **18** En die reg-
ters moet deeglik ondersoek in-
stel,[m] en as die getuie ’n val-
se getuie is en ’n valse aanklag
teen sy broer ingebring het,
**19** dan moet julle aan hom doen
net soos hy beplan het om aan
sy broer te doen,[n] en jy moet
die kwaad uit jou midde weg-
ruim.[a] **20** En dié wat oorbly,
sal dit hoor en bang wees, en
hulle sal nooit weer so iets slegs
in jou midde doen nie.[b] **21** En
jou oog mag nie jammer voel
nie:[c] siel moet vir siel wees, oog
vir oog, tand vir tand, hand vir
hand, voet vir voet.[d]

**20** “As jy na die oorlog uit-
trek teen jou vyande en
jy perde en strydwaens sien,[e] ’n
volk wat talryker is as jy, moet
jy nie vir hulle bang wees nie;
want Jehovah jou God, wat jou
uit Egipteland laat optrek het,[f]
is met jou.[g] **2** En wanneer jul-
le naby die geveg kom, dan moet
die priester nader kom en met
die volk praat.[h] **3** En hy moet
vir hulle sê: ‘Hoor, o Israel, julle
trek vandag nader om teen jul-
le vyande te veg. Laat julle
hart nie vreesagtig wees nie.[i]
Moenie bang wees en paniekbe-
vange vlug of sidder vir hulle
nie,[j] **4** want Jehovah julle God
trek saam met julle om vir julle
teen julle vyande te veg, om jul-
le te red.’[k]
**5** “Ook die beamptes[l] moet
met die volk praat en sê: ‘Wie
is die man wat ’n nuwe huis
gebou het en dit nie ingewy
het nie? Laat hom gaan en na
sy huis terugkeer, sodat hy nie
in die geveg sterf en ’n ander
man dit inwy nie.[m] **6** En wie is
die man wat ’n wingerd geplant
het en dit nog nie in gebruik ge-
neem het nie? Laat hom gaan
en na sy huis terugkeer, sodat
hy nie in die geveg sterf en ’n
ander man dit in gebruik neem
nie.[n] **7** En wie is die man wat
aan ’n vrou verloof geraak het
en haar nie geneem het nie?
Laat hom gaan en na sy huis te-
rugkeer,[o] sodat hy nie in die ge-

HFST. 19
a De 21:9, 2Kn 21:16, Spr 6:17, Jer 7:6, Jon 1:14, Mt 27:4
b Ps 5:6, Ps 55:23, Han 20:26
c Mt 15:19, 1Jo 3:15
d Eks 21:12, Nu 35:16, De 27:24
e Ge 9:6, 1Kn 2:5, 1Kn 2:31
f De 19:21
g Le 24:17, Le 24:21, Nu 35:33, De 21:9, 2Sa 21:1
h De 27:17, Job 24:2, Spr 23:10
i Nu 35:30, De 17:6
j 1Kn 21:10, Mt 18:16, Mt 26:60, Joh 8:17, 2Ko 13:1, 1Ti 5:19, Heb 10:28
k Eks 23:1, 1Kn 21:13, Ps 27:12, Mr 14:56
l De 17:9, De 21:5
m De 13:14, De 17:4, 2Kr 19:6, Job 29:16
n Spr 19:5, Da 6:24

Tweede kol.
a De 21:21, De 24:7, 1Ko 5:13
b De 13:11, De 17:13, 1Ti 5:20
c De 19:13
d Eks 21:23, Le 24:20, Mt 5:38

HFST. 20
e Jos 11:4
f Eks 13:3
g De 3:22, De 31:6, Ps 20:7, Ps 46:7, Spr 21:31, Ro 8:31
h Nu 31:6, Rig 20:28, 1Sa 30:7, 2Kr 13:12
i Ps 27:3, Jes 35:4, Jes 41:10
j Ps 3:6
k Eks 14:14, De 32:30, Jos 23:10

l Nu 31:14; De 16:18; m Pr 2:24; n Ps 145:9; Pr 3:13; o De 24:5.

veg sterf en ’n ander man haar
neem nie.’ **8** En die beamptes
moet verder met die volk praat
en sê: ‘Wie is die man wat be-
vrees en flouhartig is?[a] Laat
hom gaan en na sy huis terug-
keer, sodat hy die hart van sy
broers nie laat smelt soos sy eie
hart nie.’[b] **9** En wanneer die
beamptes klaar met die volk ge-
praat het, moet hulle ook leër-
hoofde aan die hoof van die volk
aanstel.

**10** “As jy naby ’n stad kom
om daarteen te veg, dan moet jy
vredesvoorwaardes daaraan be-
kend maak.[c] **11** En as dit jou
’n vreedsame antwoord gee en
vir jou oopgemaak het, moet
die hele volk wat daarin gevind
word, joune word vir dwangar-
beid, en hulle moet jou dien.[d]
**12** Maar as dit nie vrede met
jou sluit nie[e] en teen jou oor-
log voer en jy dit moet beleër,
**13** dan sal Jehovah jou God dit
beslis in jou hand gee, en jy
moet elke man daarin met die
skerpte van die swaard slaan.[f]
**14** Maar die vroue en die kin-
dertjies[g] en die mak diere[h] en
alles wat in die stad is, al sy
buit, moet jy vir jou plunder;[i] en
jy moet die buit eet van jou vy-
ande, wat Jehovah jou God aan
jou gegee het.[j]

**15** “So moet jy doen met al
die stede wat baie ver van jou
af is, wat nie van die stede van
hierdie nasies is nie. **16** Maar
van die stede van hierdie vol-
ke wat Jehovah jou God jou
as ’n erfdeel gee, mag jy niks
wat asemhaal, laat lewe nie,[k]
**17** want jy moet hulle vir seker
aan vernietiging oorgee, die He-
tiete en die Amoriete, die Ka-
naäniete en die Perissiete, die
Hewiete en die Jebusiete,[l] net
soos Jehovah jou God jou be-
veel het; **18** sodat hulle julle
nie leer om te handel volgens al
hulle verfoeilike dinge, wat hul-
le vir hulle gode gedoen het,
en julle inderdaad teen Jehovah
julle God sondig nie.[a]

**19** “As jy ’n stad baie dae
lank beleër deur daarteen te
veg om dit in te neem, mag jy
sy bome nie verwoes deur ’n byl
daarteen te swaai nie; want jy
moet daarvan eet, en jy mag dit
nie afkap nie,[b] want is die boom
van die veld ’n mens, dat dit
deur jou beleër moet word?
**20** Net ’n boom wat jy weet nie
’n boom vir voedsel is nie, dié
moet jy verwoes, en jy moet dit
afkap en beleëringswerke[c] teen
die stad bou wat teen jou oorlog
voer, totdat dit val.

**21** “As daar in die land wat
Jehovah jou God aan jou
gee om dit in besit te neem,
iemand gevind word wat omge-
bring is en in die veld lê, en dit
nie bekend geword het wie hom
doodgeslaan het nie,[d] **2** dan
moet jou ouer manne en jou
regters[e] uitgaan en die afstand
meet na die stede wat rond-
om die een lê wat omgebring is;
**3** en dit moet die stad wees wat
die naaste lê aan die een wat
omgebring is. En die ouer man-
ne van dié stad moet ’n jong
koei uit die beeste neem waar-
mee nog nie gewerk is nie, wat
nie in ’n juk getrek het nie;
**4** en die ouer manne van dié
stad moet die jong koei na ’n
stroomvallei afbring waarin wa-
ter vloei en wat gewoonlik nie
bewerk of besaai word nie, en
hulle moet die nek van die jong
koei daar in die stroomvallei
breek.[f]

**5** “En die priesters, die seuns
van Levi, moet nader kom,
want Jehovah jou God het húl-
le uitgekies om hom te dien[g]
en om in die naam van Jeho-
vah te seën,[h] en volgens hulle
uitspraak moet elke geskil oor

HFST. 20
a Rig 7:3
b Nu 13:33; Nu 14:1; Nu 32:9; De 1:28; Han 21:13
c Jos 11:19
d Le 25:46; De 20:15; Jos 9:22; Jos 9:27
e Ps 120:7
f Nu 31:7
g Nu 31:9; Nu 31:18
h Jos 8:2
i Nu 31:12; Nu 31:27; 2Kr 14:13; Ps 68:12
j Jos 22:8
k Jos 6:17; Jos 10:28; Jos 11:11
l De 7:1

Tweede kol.
a Eks 34:15; De 7:4; Jos 23:12; Ps 106:35; Jes 2:6; 1Ko 5:6; 1Ko 15:33
b Ne 9:25
c 2Kr 26:15; Pr 9:14; Jes 37:33; Jer 6:6; Ese 17:17

HFST. 21
d Ps 9:12; Spr 28:17; Jes 26:21
e De 16:18
f Nu 35:33
g Eks 28:1; De 18:5
h Nu 6:23; 1Kr 23:13

elke gewelddaad besleg word.[a]
**6** Dan moet al die ouer man-
ne van dié stad wat die naas-
te is aan die een wat omge-
bring is, hulle hande was[b] oor
die jong koei waarvan die nek
in die stroomvallei gebreek is;
**7** en hulle moet antwoord en
sê: ‘Ons hande het hierdie bloed
nie vergiet nie, en ook het ons
oë nie gesien dat dit vergiet
word nie.[c] **8** Moenie u volk Is-
rael, wat u verlos het,[d] dit toe-
reken nie, o Jehovah, en moe-
nie die skuld weens onskuldige
bloed[e] in die midde van u volk
Israel laat kom nie.’ En die
bloedskuld moet hulle nie toe-
gereken word nie. **9** En jy—jy
sal die skuld weens onskuldige
bloed uit jou midde wegruim,[f]
want jy sal doen wat reg is in Je-
hovah se oë.[g]

**10** “As jy na die oorlog uit-
trek teen jou vyande en Jeho-
vah jou God hulle in jou hand
gegee[h] en jy hulle gevange weg-
gevoer het,[i] **11** en jy onder die
gevangenes ’n vrou gesien het
wat pragtig van gestalte is, en
jy aan haar geheg geraak[j] en
haar vir jou as vrou geneem
het, **12** dan moet jy haar in
jou huis inbring. En sy moet
haar kop skeer[k] en haar naels
versorg **13** en die mantel van
haar gevangenskap van haar
verwyder en in jou huis woon
en ’n volle maanmaand oor haar
vader en haar moeder huil;[l]
en daarna moet jy gemeenskap
met haar hê, en jy moet haar as
jou bruid in besit neem, en sy
moet jou vrou word. **14** En as
jy geen behae in haar het nie,
dan moet jy haar wegstuur,[m]
soos haar siel dit goedvind;
maar jy mag haar glad nie vir
geld verkoop nie. Jy mag haar
nie op tirannieke wyse behan-
del[n] nadat jy haar verneder het
nie.

**15** “As ’n man twee vrou-
ens het, een wat hy liefhet en
een wat hy haat, en hulle, die
een wat hy liefhet en die een
wat hy haat, vir hom seuns ge-
baar het, en die eersgebore-
ne die seun is van die een wat
hy haat,[a] **16** dan sal hy, op die
dag dat hy sy besittings as erf-
deel aan sy seuns gee, nie die
seun van die een wat hy liefhet
sy eersgeborene mag maak ten
koste van die een wat hy haat
se seun, die eersgeborene,[b] nie.
**17** Want hy moet die een wat hy
haat se seun as die eersgebore-
ne erken deur hom twee dele te
gee van alles wat hy besit,[c] want
hy is die begin van sy voortplan-
tingsvermoë.[d] Die reg op die
eersgeborene se posisie behoort
aan hom.[e]

**18** “As ’n man ’n seun het
wat hardkoppig en opstandig
is,[f] wat nie na die stem van sy
vader of die stem van sy moeder
luister nie,[g] en hulle hom tereg-
gewys het, maar hy nie na hulle
wil luister nie,[h] **19** dan moet
sy vader en sy moeder hom
gryp en hom na die ouer manne
van sy stad en na die poort van
sy plek uitbring,[i] **20** en hulle
moet vir die ouer manne van sy
stad sê: ‘Hierdie seun van ons
is hardkoppig en opstandig; hy
luister nie na ons stem nie[j] en
is ’n vraat[k] en ’n dronkaard.’[l]
**21** Dan moet al die manne van
sy stad hom met klippe gooi, en
hy moet sterf. So moet jy die
kwaad uit jou midde wegruim,
en die hele Israel sal dit hoor en
inderdaad bang word.[m]

**22** “En as daar in ’n man ’n
sonde is wat die doodsvonnis
verdien en hy doodgemaak is[n]
en jy hom aan ’n paal gehang
het,[o] **23** mag sy lyk nie die
hele nag aan die paal bly hang
nie;[p] maar jy moet hom vir se-
ker dié dag nog begrawe, want

**HFST. 21**

a De 17:9, De 19:17, Mal 2:7
b Ps 26:6, Mt 27:24
c 2Sa 3:28, Ps 7:3
d De 13:5, 2Sa 7:23
e Nu 16:22, Jer 26:15, Jon 1:14
f De 19:13
g De 13:18, Ps 11:4, Spr 15:3, Heb 4:13
h De 20:13, Jos 21:44
i Nu 31:9, De 20:14
j Ge 29:20, Ge 34:3, Rig 14:2
k Jes 3:24, 1Ko 11:6
l Nu 20:29, De 34:8
m De 24:1
n Le 25:46

**Tweede kol.**

a Ge 29:30, Ge 29:33, 1Sa 1:4
b 2Kr 21:3
c 1Kr 5:1
d Ge 49:3, Ps 105:36
e Ge 25:31, Heb 12:16
f Spr 30:11
g Eks 20:12, De 27:16, Spr 1:8, Spr 20:20, Ese 22:7, Ef 6:1
h De 8:5, Spr 13:24, Spr 19:18, Spr 23:13, Heb 12:9
i De 16:18
j Spr 15:5, Spr 19:26, Spr 30:17
k Spr 23:20, Spr 28:7
l Spr 20:1, Spr 23:21, Ro 13:13, 1Ko 6:10, Ef 5:18
m De 13:11
n Nu 25:5, 2Sa 4:12
o Jos 10:26, Han 10:39
p Jos 8:29, Joh 19:31

iemand wat opgehang is, is deur
God vervloek;[a] en jy mag jou
land, wat Jehovah jou God jou
as ’n erfdeel gee, nie verontrei-
nig nie.[b]

**22** “Jy mag nie die bul van
jou broer of sy skaap sien
ronddwaal en jou opsetlik daar-
van wegdraai nie.[c] Jy moet hul-
le vir seker na jou broer te-
ruglei.[d] **2** En as jou broer nie
naby jou is nie en jy hom nie
ken nie, dan moet jy dit huis toe
bring, in jou huis in, en dit moet
by jou bly totdat jou broer daar-
na gesoek het. En jy moet dit
vir hom teruggee.[e] **3** So moet
jy ook doen met sy esel, en so
moet jy doen met sy mantel, en
so moet jy doen met enigiets
van jou broer wat weg is, wat
van hom wegraak en wat jy ge-
vind het. Jy sal jou nie daarvan
mag wegdraai nie.

**4** “Jy mag nie die esel van jou
broer of sy bul op die pad sien
val en jou opsetlik daarvan weg-
draai nie. Jy moet hom vir seker
help om hulle op te rig.[f]

**5** “Die klere van ’n man mag
nie vir ’n vrou aangetrek word
nie, en ook mag ’n man nie die
mantel van ’n vrou dra nie;[g]
want enigiemand wat hierdie
dinge doen, is vir Jehovah jou
God verfoeilik.

**6** “As jy op pad op ’n voëlnes
met kleintjies of eiers afkom, in
’n boom of op die grond, en die
moeder op die kleintjies[h] of die
eiers sit, mag jy die moeder nie
saam met die kleintjies neem
nie.[i] **7** Jy moet die moeder vir
seker wegstuur, maar jy mag
die kleintjies vir jou neem; so-
dat dit met jou goed kan gaan
en jy jou dae inderdaad kan ver-
leng.[j]

**8** “As jy ’n nuwe huis bou,
moet jy ook ’n muurtjie om jou
dak bou,[k] sodat jy nie bloed-
skuld op jou huis bring nie, want
iemand wat val, kan daarvan af-
val.

**9** “Jy mag jou wingerd nie
met twee soorte saad besaai
nie,[a] sodat die volle opbrengs
van die saad wat jy saai en die
vrug van die wingerd nie ten
gunste van die heiligdom ver-
beur word nie.

**10** “Jy mag nie met ’n bul en
’n esel saam ploeg nie.[b]

**11** “Jy mag nie iets van ge-
mengde stof, wol en linne saam,
dra nie.[c]

**12** “Jy moet vir jou tossels
maak aan die vier hoeke van jou
klere waarmee jy jou bedek.[d]

**13** “As ’n man ’n vrou neem
en met haar gemeenskap het en
haar dan haat,[e] **14** en hy haar
van berugte dade beskuldig het
en ’n slegte naam[f] oor haar
gebring en gesê het: ‘Hierdie
vrou het ek geneem, en ek het
naby haar gekom, en ek het
geen bewys van maagdelikheid
aan haar gevind nie’,[g] **15** dan
moet die vader van die mei-
sie en haar moeder die bewys
van die meisie se maagdelikheid
neem en dit na die ouer man-
ne van die stad by die poort uit-
bring;[h] **16** en die meisie se va-
der moet vir die ouer manne
sê: ‘Ek het my dogter aan hier-
die man as vrou gegee, en hy
het haar gehaat.[i] **17** En kyk,
hy beskuldig haar van berug-
te dade[j] en sê: “Ek het gevind
dat jou dogter geen bewys van
maagdelikheid het nie.”[k] Hier is
dan nou die bewys van my dog-
ter se maagdelikheid.’ En hulle
moet die mantel voor die ouer
manne van die stad uitsprei.
**18** En die ouer manne[l] van dié
stad moet die man neem en
hom dissiplineer.[m] **19** En hul-
le moet hom met honderd sil-
wersikkels beboet en dit aan die

**HFST. 21**
a 2Ko 5:21; Ga 3:13
b Nu 35:34

**HFST. 22**
c Eks 23:4
d Sag 7:9
e Spr 24:12; Mt 7:12
f Eks 23:5; Le 19:18; Lu 10:27; Ga 6:10
g 1Ti 2:9
h Lu 12:6
i Le 22:28; Ps 36:6; Ps 145:9; Spr 12:10; Mt 10:29
j De 4:40; Spr 3:2
k 2Sa 11:2; Han 10:9

**Tweede kol.**
a Le 19:19
b Spr 12:10
c Le 19:19
d Nu 15:38; Mt 23:5
e Ef 5:28; Ef 5:33
f Spr 22:1; Pr 7:1
g Eks 20:16; Eks 23:1; Spr 18:21
h De 16:18
i Le 19:17; De 22:13
j Ge 38:24; De 22:21; Ps 141:4; Ho 1:2
k De 22:20
l Eks 18:21; De 1:13; De 16:18; De 21:19
m De 25:2; Spr 10:13; Spr 19:29; Spr 20:30

meisie se vader gee, omdat hy ’n
slegte naam oor ’n maagd van
Israel gebring het;[a] en sy sal sy
vrou bly. Hy sal haar gedurende
al sy dae nie mag skei nie.
**20** “As hierdie saak egter
waar is en geen bewys van
maagdelikheid aan die meisie
gevind is nie,[b] **21** dan moet
hulle die meisie uitbring na die
ingang van haar vader se huis,
en die manne van haar stad
moet haar met klippe gooi, en
sy moet sterf, omdat sy ’n skan-
delike dwaasheid[c] in Israel be-
gaan het deur in die huis van
haar vader prostitusie te
pleeg.[d] So moet jy die kwaad uit
jou midde wegruim.[e]
**22** “As ’n man betrap word
terwyl hy by ’n vrou lê wat aan
’n eienaar behoort,[f] dan moet
hulle twee saam sterf, die man
wat by die vrou gelê het, en die
vrou.[g] So moet jy die kwaad uit
Israel wegruim.[h]
**23** “As ’n meisie, ’n maagd,
aan ’n man verloof is,[i] en ’n man
het haar in die stad gevind en
by haar gaan lê,[j] **24** dan moet
julle hulle twee na die poort
van dié stad uitbring en hulle
met klippe gooi, en hulle moet
sterf, die meisie omdat sy nie
in die stad geskreeu het nie, en
die man omdat hy die vrou van
sy medemens verneder het.[k] So
moet jy die kwaad uit jou mid-
de wegruim.[l]
**25** “As die man die verloofde
meisie egter in die veld gevind
het, en die man het haar gegryp
en by haar gaan lê, dan moet die
man wat by haar gaan lê het, al-
leen sterf, **26** en aan die mei-
sie mag jy niks doen nie. Die
meisie het geen sonde wat die
dood verdien nie, want net soos
wanneer ’n man teen sy me-
demens opstaan en hom inder-
daad vermoor,[m] ja, ’n siel, so is
hierdie geval. **27** Want hy het
haar in die veld gevind. Die
verloofde meisie het geskreeu,
maar daar was niemand om
haar te red nie.
**28** “As ’n man ’n meisie vind,
’n maagd wat nie verloof is nie,
en hy haar gryp en by haar gaan
lê,[a] en hulle is betrap,[b] **29** dan
moet die man wat by haar gaan
lê het, die meisie se vader vyftig
silwersikkels gee,[c] en sy moet
sy vrou word omdat hy haar
verneder het. Hy sal haar ge-
durende al sy dae nie mag skei
nie.[d]
**30** “Geen man mag sy vader
se vrou neem nie, sodat hy nie
die slip van sy vader oplig nie.[e]

**23** “Geen man wat gekas-
treer is[f] deurdat die testi-
kels verbrysel is[g] of van wie die
manlike lid afgesny is, mag in
die gemeente van Jehovah kom
nie.
**2** “Geen buite-egtelike[h] seun
mag in die gemeente van Jeho-
vah kom nie. Selfs tot die tiende
geslag mag niemand van hom in
die gemeente van Jehovah kom
nie.
**3** “Geen Ammoniet of Moa-
biet mag in die gemeente van
Jehovah kom nie.[i] Selfs tot die
tiende geslag mag niemand van
hulle tot onbepaalde tyd in die
gemeente van Jehovah kom nie,
**4** omdat hulle julle nie op die
pad met brood en water te hulp
gekom het[j] toe julle uit Egip-
te uitgetrek het nie,[k] en om-
dat hulle Bi′leam, die seun van
Beor, uit Petor in Mesopota′-
mië, teen jou gehuur het om
’n vloek oor jou uit te spreek.[l]
**5** En Jehovah jou God wou nie
na Bi′leam luister nie;[m] maar
Jehovah jou God het vir jou die
vloek in ’n seën verander,[n] om-
dat Jehovah jou God jou liefge-
had het.[o] **6** Jy mag jou gedu-
rende al jou dae, tot onbepaalde

**HFST. 22**
a Mal 2:16
b De 22:14; De 22:17
c Rig 20:6; Rig 20:10; 2Sa 13:12; Heb 13:4
d Le 21:9
e Le 11:45; De 17:7; Pr 8:13; 1Ko 5:13
f Ge 20:3; Eks 21:3; Jes 62:5
g Eks 20:14; Le 20:10; Mal 3:5; 1Ko 6:9; 1Ko 6:18
h De 22:24
i De 20:7; Mt 1:18
j De 5:18
k Le 20:10; 1Te 4:6; Heb 13:4
l 1Ko 5:2
m Ge 4:8; Nu 35:20; Jak 2:11

**Tweede kol.**
a Ge 34:2; 2Sa 13:14
b Ge 34:5; Eks 22:16
c Ge 34:11
d De 22:19
e Le 18:8; Le 20:11; De 27:20; 1Ko 5:1

**HFST. 23**
f Jes 56:4; Mt 19:12
g Le 21:20
h Eks 20:14; Le 20:10; Joh 8:41; Heb 12:8
i Ne 13:1
j Mt 25:45
k De 2:29; Rig 11:18
l Nu 22:6; Jos 24:9; Ne 13:2
m Nu 22:35; Mi 6:5
n Nu 23:11; Nu 23:25; Nu 24:10; Ps 3:8
o De 7:7; De 33:3; Ese 16:8; Mal 1:2

tyd, nie vir hulle vrede en hulle
voorspoed beywer nie.[a]
7 “Jy mag ’n Edomiet nie ver-
foei nie, want hy is jou broer.[b]
“Jy mag ’n Egiptenaar nie
verfoei nie, want jy het ’n inwo-
nende vreemdeling in sy land
geword.[c] 8 Die kinders wat
vir hulle as die derde geslag ge-
bore word, hulle mag in die ge-
meente van Jehovah kom.
9 “As jy uittrek om teen jou
vyande kamp op te slaan, dan
moet jy jou van elke slegte ding
onthou.[d] 10 As daar ’n man by
jou is wat weens ’n verontreini-
ging wat in die nag plaasvind,
nie rein bly nie,[e] dan moet hy
uit die kamp uitgaan. Hy mag
nie in die kamp inkom nie.[f]
11 En wanneer dit aand word,
moet hy hom met water was,
en met sonsondergang mag hy
in die kamp inkom.[g] 12 En ’n
privaat plek moet buite die
kamp vir jou beskikbaar wees,
en daarheen moet jy uitgaan.
13 En ’n pen moet by jou ge-
reedskap vir jou beskikbaar
wees, en wanneer jy buite hurk,
moet jy daarmee ’n gat gra-
we en omdraai en jou ontlasting
bedek.[h] 14 Want Jehovah jou
God wandel in jou kamp om jou
te verlos[i] en om jou vyande aan
jou oor te lewer;[j] en jou kamp
moet heilig wees,[k] sodat hy niks
onwelvoegliks by jou sien en
hom beslis daarvan afwend om
jou te vergesel nie.[l]
15 “Jy mag ’n slaaf wat van
sy heer na jou toe vlug, nie aan
sy heer uitlewer nie.[m] 16 Hy
moet by jou bly, in jou midde, in
die plek wat hy in een van jou
stede uitkies,[n] waar hy ook al
wil. Jy mag hom nie sleg behan-
del nie.[o]
17 “Geeneen van die dogters
van Israel mag ’n tempelpros-
tituut word nie,[p] en ook mag
geeneen van die seuns van Is-
rael ’n tempelprostituut word
nie.[a] 18 Jy mag geen hoere-
loon[b] of hondeprys[c] in die huis
van Jehovah jou God bring vir
enige gelofte nie, want albei is
vir Jehovah jou God iets ver-
foeiliks.
19 “Jy mag jou broer geen
rente laat betaal nie,[d] rente op
geld, rente op voedsel,[e] rente op
enigiets waarop ’n mens rente
kan vra nie. 20 Jy mag ’n uit-
lander[f] rente laat betaal, maar
jou broer mag jy nie rente laat
betaal nie;[g] sodat Jehovah jou
God jou kan seën in alles wat
jy onderneem in die land waar-
heen jy gaan om dit in besit te
neem.[h]
21 “As jy aan Jehovah jou
God ’n gelofte doen,[i] moet jy nie
traag wees om dit te betaal nie,[j]
want Jehovah jou God sal dit vir
seker van jou eis, en dit sal in-
derdaad ’n sonde vir jou word.[k]
22 Maar as jy nalaat om ’n ge-
lofte te doen, sal dit nie ’n son-
de vir jou word nie.[l] 23 Die
woord van jou lippe moet jy na-
kom,[m] en jy moet doen net soos
jy Jehovah jou God plegtig belo-
we het as ’n vrywillige gawe
waarvan jy met jou mond ge-
praat het.[n]
24 “As jy in die wingerd van
jou medemens kom, mag jy net
genoeg druiwe eet om jou siel
te versadig, maar jy mag niks in
jou houer sit nie.[o]
25 “As jy in die ongesnyde
graan van jou medemens kom,
mag jy net die ryp are met jou
hand afpluk, maar die sekel mag
jy nie heen en weer swaai in die
ongesnyde graan van jou mede-
mens nie.[p]

**24** “As ’n man ’n vrou neem
en haar as sy eggeno-
te in besit neem, dan moet hy,
as sy geen guns in sy oë vind
nie omdat hy iets onwelvoegliks

**HFST. 23**

a 2Sa 8:2; 2Sa 12:31
b Ge 25:24; Ge 36:1; Nu 20:14; Ob 10
c Ge 15:13; Ge 46:6; Eks 22:21; Le 19:34; Ps 105:23
d 1Sa 21:5; 2Sa 11:11
e Le 15:16
f 1Sa 20:26
g Le 15:31
h 1Sa 24:3
i Le 26:12
j De 7:2; De 7:23
k 1Pe 1:16
l Le 26:17; 2Pe 3:14
m 1Sa 30:15
n Jes 16:3
o Eks 22:21; Jer 7:5; Sag 7:9; Mal 3:5
p Le 19:29; Le 21:9

**Tweede kol.**

a 1Kn 14:24; 1Kn 15:12; 2Kn 23:7
b Ese 16:33
c Ge 19:5; Ro 1:27; 1Ti 1:10; Op 22:15
d Eks 22:25; Le 25:36; Ne 5:10; Ps 15:5; Ese 18:8; Ese 22:12
e Le 25:37
f De 15:6
g Spr 28:8; Ese 18:17
h De 15:4; De 15:10; Spr 19:17; Lu 6:35
i Rig 11:30; 1Sa 1:11
j Job 22:27; Ps 66:13; Ps 116:18; Pr 5:4; Jon 2:9; Na 1:15
k Pr 5:6; Ro 1:31; Jak 4:17
l Pr 5:5
m Nu 30:2; Ps 15:4; Spr 20:25
n Rig 11:35; 1Sa 14:24; Mt 5:33
o Mt 6:11; Ro 13:10
p Mt 12:1; Lu 6:1

aan haar gevind het,[a] vir haar 'n skeibrief[b] uitskryf en dit in haar hand sit en haar uit sy huis wegstuur.[c] **2** En sy moet sy huis verlaat en gaan en 'n ander man s'n word.[d] **3** As laasgenoemde man haar begin haat het en vir haar 'n skeibrief uitgeskryf het en dit in haar hand gesit en haar uit sy huis weggestuur het, of as laasgenoemde man sterf wat haar as vrou geneem het, **4** sal haar eerste eienaar wat haar weggestuur het, haar nie weer mag terugneem om sy vrou te word nadat sy verontreinig is nie;[e] want dit is iets verfoeiliks voor Jehovah, en jy mag die land wat Jehovah jou God jou as 'n erfenis gee, nie laat sondig nie.

**5** "As 'n man 'n nuwe vrou neem,[f] moet hy nie in die leër uittrek nie, en ook moet hy niks anders opgelê word nie. Hy moet een jaar lank vrygestel by sy huis bly, en hy moet aan sy vrou wat hy geneem het, vreugde verskaf.[g]

**6** "Niemand mag 'n handmeul of die boonste maalklip daarvan as pand neem nie,[h] want dan neem hy 'n siel as pand.

**7** "As 'n man betrap word dat hy 'n siel uit sy broers, uit die kinders van Israel, ontvoer,[i] en hy hom op tirannieke wyse behandel het en hom verkoop het,[j] dan moet dié ontvoerder sterf. En jy moet die kwaad uit jou midde wegruim.[k]

**8** "Jy moet by die plaag van melaatsheid[l] daarop let dat jy baie noukeurig handel volgens alles waarin die priesters, die Leviete, julle sal onderrig.[m] Net soos ek hulle beveel het, moet julle sorgvuldig[n] doen. **9** Onthou wat Jehovah jou God op die pad by julle uittog uit Egipte aan Mirjam gedoen het.[o]

**10** "As jy aan jou medemens enigiets leen,[a] mag jy nie in sy huis ingaan om van hom weg te neem wat hy verpand het nie.[b] **11** Jy moet buite bly staan, en die man aan wie jy leen, moet die pand vir jou buitentoe bring. **12** En as die man in die moeilikheid is, mag jy nie met sy pand bed toe gaan nie.[c] **13** Jy moet die pand vir seker vir hom teruggee sodra die son ondergaan,[d] en hy moet in sy kleed bed toe gaan,[e] en hy sal jou seën;[f] en dit sal vir jou regverdigheid voor Jehovah jou God beteken.[g]

**14** "Jy mag 'n loonarbeider wat in die moeilikheid en arm is, nie te kort doen nie, of hy nou uit jou broers of uit jou inwonende vreemdelinge is wat in jou land in jou poorte is.[h] **15** Op sy dag moet jy hom sy loon gee,[i] en die son mag nie daaroor ondergaan nie, want hy is in die moeilikheid en hef sy siel op na sy loon; sodat hy nie teen jou tot Jehovah roep[j] en dit vir jou sonde word nie.[k]

**16** "Vaders mag nie vir kinders doodgemaak word nie, en kinders mag nie vir vaders doodgemaak word nie.[l] Elkeen moet vir sy eie sonde doodgemaak word.[m]

**17** "Jy mag die reg van die inwonende vreemdeling[n] of van die vaderlose seun nie verdraai nie,[o] en jy mag die kleed van 'n weduwee nie as pand neem nie.[p] **18** En jy moet onthou dat jy 'n slaaf in Egipte geword het en dat Jehovah jou God jou daaruit verlos het.[q] Daarom beveel ek jou om hierdie saak te doen.

**19** "As jy jou oes op jou land insamel[r] en jy 'n gerf op die land vergeet het, mag jy nie teruggaan om dit te gaan haal nie. Dit moet daar bly vir die inwo-

HFST. 24

a Mt 19:3, Mt 19:8
b Jer 3:8, Mt 5:31, Mr 10:4
c Mal 2:16, Mt 1:19
d Le 21:7, Mt 5:32, Mr 10:11
e Jer 3:1
f De 20:7, Lu 14:20
g Spr 5:18, Pr 9:9
h Eks 22:26, Eks 22:27
i Ge 40:15, Eks 21:16, 1Ti 1:10
j Ge 37:28
k De 19:19, De 21:21
l Le 13:9, Le 14:2, Le 14:34
m Le 13:2, Le 13:15, 2Kr 26:20, Mal 2:7, Mr 1:44, Lu 17:14
n Ps 119:4
o Nu 12:10, Nu 12:15

Tweede kol.

a De 15:8, Spr 3:27
b Job 24:3
c Job 24:9, Job 24:10
d Eks 22:26, Ese 18:7, Ese 33:15
e Eks 22:27
f 1Sa 25:14, Ese 33:15, 2Ko 9:13
g De 6:25, Ps 112:9, Da 4:27
h Le 25:40, Le 25:43, Spr 14:31, Mal 3:5
i Le 19:13, Jer 22:13, Mt 20:8
j Eks 22:23, Job 34:28, Ps 25:1, Ps 86:4, Spr 22:23, Jak 5:4
k Jak 4:17
l 2Kr 25:4, Jer 31:30
m Ese 18:20
n Eks 22:21, Ese 22:29
o Eks 22:22, Jes 1:23, Jer 5:28, Mal 3:5
p Eks 22:27, Job 24:3
q De 5:15, De 15:15, De 16:12
r Le 19:9

nende vreemdeling, vir die va-
derlose seun en vir die wedu-
wee;[a] sodat Jehovah jou God jou
in al die werk van jou hand kan
seën.[b]

**20** “As jy die vrugte van jou
olyfboom afslaan, mag jy nie ag-
terna die takke weer deursoek
nie. Dit moet daar bly vir die
inwonende vreemdeling, vir die
vaderlose seun en vir die wedu-
wee.[c]

**21** “As jy die druiwe van jou
wingerd insamel, mag jy nie ag-
terna die oorblyfsels insamel
nie. Dit moet daar bly vir die
inwonende vreemdeling, vir die
vaderlose seun en vir die we-
duwee. **22** En jy moet onthou
dat jy ’n slaaf in Egipteland ge-
word het.[d] Daarom beveel ek
jou om hierdie saak te doen.[e]

**25** “As daar tussen manne ’n
geskil ontstaan[f] en hulle
na die gereg gekom het,[g] dan
moet hulle oor hulle regspreek
en die regverdige regverdig
verklaar en die goddelose god-
deloos verklaar.[h] **2** En as die
goddelose slae verdien,[i] dan
moet die regter hom uitgestrek
laat lê en hom voor hom ’n
aantal houe laat kry[j] oor-
eenkomstig sy goddelose daad.
**3** Veertig houe mag hy hom
gee. Hy moet niks daarby voeg
nie, sodat hy hom nie met baie
houe benewens dié[k] aanhou
slaan en jou broer in jou oë ver-
agtelik gemaak word nie.

**4** “Jy mag ’n bul nie muil-
band terwyl hy dors nie.[l]

**5** “As broers bymekaar woon
en een van hulle gesterf het
sonder dat hy ’n seun het, moet
die vrou van die dooie nie daar-
buite ’n vreemde man s’n word
nie. Haar swaer moet na haar
toe gaan, en hy moet haar as
sy vrou neem en die swaershu-
welik met haar sluit.[m] **6** En
op die eersgeborene wat sy sal
baar, moet die naam van sy
dooie broer oorgaan,[a] sodat sy
naam nie uit Israel uitgewis
word nie.[b]

**7** “En as die man geen behae
daarin skep om sy broer se we-
duwee te neem nie, dan moet sy
broer se weduwee na die poort
opgaan na die ouer manne[c] toe
en sê: ‘My man se broer het ge-
weier om sy broer se naam in
Israel in stand te hou. Hy wou
nie die swaershuwelik met my
sluit nie.’ **8** En die ouer man-
ne van sy stad moet hom roep
en met hom praat, en hy moet
staan en sê: ‘Ek het geen behae
daarin geskep om haar te neem
nie.’[d] **9** Daarop moet sy broer
se weduwee voor die oë van die
ouer manne nader kom na hom
toe en sy sandaal van sy voet
aftrek[e] en in sy gesig spoeg[f] en
antwoord en sê: ‘So moet ge-
doen word met die man wat sy
broer se huis nie sal opbou nie.’[g]
**10** En sy naam moet in Israel
genoem word: ‘Die huis van die
een wie se sandaal uitgetrek is.’

**11** “As manne met mekaar
veg, en die vrou van die een het
nader gekom om haar man te
verlos uit die hand van die een
wat hom slaan, en sy het haar
hand uitgesteek en hom aan sy
geslagsdele gegryp,[h] **12** dan
moet jy haar hand afsny. Jou
oog mag nie jammer voel nie.[i]

**13** “Jy mag nie twee soorte
gewigte, ’n grote en ’n kleintjie,
in jou sak hê nie.[j] **14** Jy mag
nie twee soorte efas, ’n grote en
’n kleintjie, in jou huis hê nie.[k]
**15** Jy moet altyd ’n akkurate
en regte gewig hê. Jy moet al-
tyd ’n akkurate en regte efa hê,
sodat jou dae verleng mag word
in die land wat Jehovah jou God
aan jou gee.[l] **16** Want elkeen
wat hierdie dinge doen, elkeen

**HFST. 24**
a Le 23:22, Rut 2:16, Ps 41:1
b De 15:10, Spr 11:24, Spr 14:21, Spr 19:17, Lu 6:38, 2Ko 9:6, 1Jo 3:17
c Le 19:10, De 26:13
d Eks 13:3
e 2Ko 8:8

**HFST. 25**
f De 17:8, De 19:17, De 21:5
g De 16:18, De 17:9
h Eks 23:6, 2Kr 19:6, Spr 17:15, Spr 31:9, Jes 5:23
i Spr 19:29, Lu 12:48
j Spr 10:13, Spr 20:30, Spr 26:3, Heb 2:2
k 2Ko 11:24
l Spr 12:10, 1Ko 9:9, 1Ti 5:18
m Ge 38:8, Rut 4:5, Mr 12:19

**Tweede kol.**
a Ge 38:9, Rut 4:10, Rut 4:14
b Nu 27:4, 2Sa 18:18
c Rut 4:4
d Rut 4:6
e Rut 4:7
f Nu 12:14
g De 25:5
h Le 21:20, De 23:1
i De 19:13, De 19:21
j Spr 11:1, Spr 16:11, Spr 20:10, Mi 6:11
k Eks 16:36, Le 19:36, Ese 45:10, Am 8:5
l De 4:40, 1Pe 3:10

wat onreg doen, is vir Jehovah
jou God verfoeilik.[a]
**17** “Onthou wat A′malek op
die pad by julle uittog uit Egip-
te aan jou gedoen het,[b] **18** hoe
hy op die pad by jou gekom en
op jou agterhoede toegeslaan
het, op almal wat agter jou aan-
gesukkel het, terwyl jy uitge-
put en afgemat was; en hy het
God nie gevrees nie.[c] **19** En
wanneer Jehovah jou God jou
rus gegee het van al jou vyande
rondom in die land wat Jeho-
vah jou God jou as ’n erfdeel gee
om dit in besit te neem,[d] moet
jy die vermelding van A′malek
onder die hemel uitwis.[e] Jy mag
dit nie vergeet nie.

**26** “En wanneer jy uiteinde-
lik die land ingaan wat
Jehovah jou God jou as ’n erf-
deel gee, en jy dit in besit ge-
neem en daarin gewoon het,[f]
**2** dan moet jy van die eerste-
linge[g] van al die vrugte van die
grond neem, wat jy sal inbring
uit jou land wat Jehovah jou
God aan jou gee, en jy moet dit
in ’n mandjie sit en na die plek
gaan wat Jehovah jou God sal
uitkies om sy naam daar te laat
woon.[h] **3** En jy moet na die
priester kom[i] wat in dié dae sal
dien en vir hom sê: ‘Ek moet
vandag aan Jehovah u God ver-
klaar dat ek in die land gekom
het wat Jehovah aan ons voor-
vaders met ’n eed beloof het om
aan ons te gee.’[j]
**4** “En die priester moet die
mandjie uit jou hand neem en
dit voor die altaar van Jehovah
jou God neersit. **5** En jy moet
antwoord en voor Jehovah jou
God sê: ‘My vader was ’n Siriër
wat op die punt was om om te
kom;[k] en hy het na Egipte afge-
trek[l] en daar met baie min men-
se[m] as ’n vreemdeling gewoon;
maar daar het hy ’n groot, mag-
tige en talryke nasie geword.[a]
**6** En die Egiptenaars het ons
sleg behandel en ons verdruk en
ons harde slawearbeid opgelê.[b]
**7** En ons het tot Jehovah, die
God van ons voorvaders,[c] begin
roep, en Jehovah het ons stem
gehoor[d] en ons ellende en ons
moeite en ons onderdrukking
gesien.[e] **8** Uiteindelik het Je-
hovah ons met ’n sterk hand[f]
en ’n uitgestrekte arm[g] en met
groot vreeswekkendheid[h] en
met tekens en wonderwerke[i] uit
Egipte uitgelei. **9** Toe het hy
ons na hierdie plek gebring en
ons hierdie land gegee, ’n land
wat oorloop van melk en heu-
ning.[j] **10** Hier het ek dan nou
die eerstelinge gebring van die
vrugte van die grond wat Jeho-
vah my gegee het.’[k]
“Dan moet jy dit voor Je-
hovah jou God neersit en jou
voor Jehovah jou God neerbuig.[l]
**11** En jy moet jou verbly[m] oor
al die goeie wat Jehovah jou
God jou en jou huisgesin gegee
het, jy en die Leviet en die inwo-
nende vreemdeling wat in jou
midde is.[n]
**12** “Wanneer jy in die derde
jaar,[o] die jaar van die tiendes,
die hele tiende van jou opbrengs
klaar opsygesit het,[p] dan moet
jy dit aan die Leviet, die inwo-
nende vreemdeling, die vaderlo-
se seun en die weduwee gee, en
hulle moet dit in jou poorte eet
en versadig word.[q] **13** En jy
moet voor Jehovah jou God sê:
‘Ek het wat heilig is, uit die huis
verwyder en dit ook aan die Le-
viet en die inwonende vreemde-
ling, die vaderlose seun en die
weduwee gegee,[r] volgens u hele
gebod wat u my beveel het. Ek
het u gebooie nie oortree of
vergeet nie.[s] **14** Ek het nie ty-
dens my rou daarvan geëet nie,

s Ps 119:141; Spr 3:1; Han 24:16.

HFST. 25
a Le 19:35, Ro 9:14
b Eks 17:8, Nu 24:20
c Eks 15:16, Ps 36:1, Ro 3:18
d Jos 22:4
e Eks 17:14, 1Sa 14:48, 1Sa 15:3, 1Kr 4:43, Est 3:1, Est 7:10

HFST. 26
f De 6:1, De 18:9
g Eks 23:19, Le 23:10, Nu 18:12, 2Kr 31:5, Ne 10:35, Spr 3:9
h De 12:5, 2Kr 6:6
i Nu 18:28
j Ge 17:8, Ge 26:3, Ps 105:11, Heb 6:13
k Ge 28:5, Ge 31:41, Ge 31:42, Ho 12:12
l Ge 46:3, Han 7:15
m Ge 46:27, De 7:7

Tweede kol.
a Eks 1:7, De 10:22, Ps 105:24
b Eks 1:11, De 4:20
c Eks 3:9, Ps 116:1
d Ps 102:20, Jes 59:1, 1Jo 5:15
e Eks 4:31, Han 7:34
f Eks 13:3, De 6:21
g Eks 6:6, De 4:34
h Eks 15:16, Jer 32:21
i Eks 7:3
j Eks 3:8, De 8:8, Ese 20:6
k De 26:2
l Ps 95:6
m De 12:7, Ps 32:11, Ps 63:5, Ps 68:3, Flp 4:4
n De 16:14
o De 14:28
p De 12:6, De 14:22
q De 14:29, Spr 14:21, 1Jo 3:17
r Jak 1:27

en ook het ek niks daarvan weg-
gebring terwyl ek onrein was
nie, en ook het ek niks daar-
van vir ’n dooie gegee nie. Ek
het na die stem van Jehovah
my God geluister. Ek het ge-
doen volgens alles wat u my be-
veel het. **15** Kyk tog af uit u
heilige woonplek,[a] die hemel, en
seën u volk Israel[b] en die land
wat u aan ons gegee het, net
soos u vir ons voorvaders ge-
sweer het,[c] die land wat oorloop
van melk en heuning.’[d]

**16** “Vandag beveel Jehovah
jou God jou om hierdie voor-
skrifte en regterlike beslissings
uit te voer;[e] en jy moet dit on-
derhou en uitvoer met jou hele
hart[f] en jou hele siel.[g] **17** Jy
het Jehovah vandag laat sê dat
hy jou God sal word terwyl jy in
sy weë wandel en sy voorskrif-
te[h] en sy gebooie[i] en sy regter-
like beslissings[j] onderhou en na
sy stem luister.[k] **18** Wat Jeho-
vah betref, hy het jou vandag
laat sê dat jy sy volk sal word,
’n spesiale eiendom,[l] net soos hy
jou beloof het,[m] en dat jy al sy
gebooie sal bewaar, **19** en dat
hy jou hoog bo al die ander na-
sies sal stel wat hy gemaak het,[n]
tot lof en roem en prag, terwyl
jy ’n heilige volk vir Jehovah
jou God is,[o] net soos hy beloof
het.”

**27** En Moses het saam met
die ouer manne van Is-
rael die volk beveel en gesê:
“Elke gebod wat ek julle van-
dag beveel, moet bewaar word.[p]
**2** En die dag waarop julle deur
die Jordaan sal trek[q] na
die land wat Jehovah jou God
aan jou gee, moet jy ook vir jou
groot klippe oprig en dit met
kalk afwit. **3** En jy moet al die
woorde van hierdie wet daar-
op skryf[r] wanneer jy deurge-
trek het,[s] sodat jy die land
kan ingaan wat Jehovah jou
God aan jou gee, ’n land wat
oorloop van melk en heuning,
volgens wat Jehovah, die God
van jou voorvaders, vir jou ge-
sê het.[a] **4** En wanneer julle
deur die Jordaan getrek het,
moet julle hierdie klippe oprig,
net soos ek julle vandag be-
veel, op die berg Ebal,[b] en jy
moet dit met kalk afwit.[c] **5** Jy
moet daar ook ’n altaar vir Je-
hovah jou God bou, ’n altaar
van klippe. Jy mag geen ys-
terwerktuig daaroor swaai nie.[d]
**6** Met heel klippe moet jy die
altaar van Jehovah jou God bou,
en jy moet daarop brandoffers
aan Jehovah jou God bring.[e]
**7** En jy moet gemeenskapsof-
fers[f] offer en dit daar eet,[g] en jy
moet vrolik wees voor Jehovah
jou God.[h] **8** En jy moet op die
klippe al die woorde van hierdie
wet skryf[i] en dit baie duidelik
maak.”[j]

**9** Toe het Moses en die pries-
ters, die Leviete, met die hele
Israel gepraat en gesê: “Wees
stil en luister, o Israel. Vandag
het jy die volk van Jehovah jou
God geword.[k] **10** En jy moet
na die stem van Jehovah jou
God luister en sy gebooie[l] en sy
voorskrifte nakom[m] wat ek jou
vandag beveel.”

**11** En Moses het die volk
op dié dag beveel en gesê:
**12** “Dié wat op die berg Geri′-
sim moet staan om die volk te
seën[n] wanneer julle deur die
Jordaan getrek het, is: Si′me-
on en Levi en Juda en Is′saskar
en Josef en Benjamin. **13** En
dié wat op die berg Ebal[o] moet
staan vir die vervloeking,[p] is:
Ruben, Gad en Aser en Se′bu-
lon, Dan en Naf′tali. **14** En die
Leviete moet antwoord en met
’n harde stem vir elke man van
Israel sê:[q]

**15** “ ‘Vervloek is die man wat
’n gesnede beeld[r] of ’n gegote

**HFST. 26**
a Ps 102:19; Jes 40:22; Jes 63:15
b Eks 23:25; Ps 28:9; Ps 115:12
c Ge 15:18; Ge 26:3; Heb 6:13
d De 8:8
e De 4:1; De 6:1; De 11:1
f De 6:6; Ps 78:7; Ps 119:34; 1Jo 5:3
g De 13:3
h Le 10:11; Le 26:46; Ps 119:5
i De 13:18; Pr 12:13
j Le 19:37; Ps 19:9
k De 15:5
l Eks 19:5; De 14:2; Ps 135:4
m De 29:13
Dien dié wat teen hom opstaan, ernstige wonde aan hulle heupe toe,[p]
Asook dié wat hom intens haat, sodat hulle nie kan opstaan nie.”[q]

12 Van Benjamin het hy gesê:[r]

“Laat die geliefde[s] van Jehovah in veiligheid by hom woon,[t]
Terwyl hy hom die hele dag beskerm,[u]
En hy sal tussen sy skouers woon.”[v]

13 En van Josef het hy gesê:[a]

“Mag sy land voortdurend deur Jehovah geseën word[b]
Met die keurige dinge van die hemel, met dou,[c]
En met die waterdiepte wat daar onder lê,[d]
14 En met die keurige dinge, die produkte van die son,[e]
En met die keurige dinge, die opbrengs van die maanmaande,[f]
15 En met die keurigste uit die berge van die ooste,[g]
En met die keurige dinge van die heuwels wat tot onbepaalde tyd bly,
16 En met die keurige dinge van die aarde en sy volheid,[h]
En met die goedkeuring van die Een wat in die doringbos woon.[i]
Mag dit op die hoof van Josef kom[j]
En op die kroon van die hoof van die een wat onder sy broers uitgesonder is.[k]
17 Soos die eersgeborene van ’n bul is sy prag,[l]
En sy horings is die horings van ’n wilde bul.[m]
Daarmee sal hy volke stoot,[n]
Almal saam tot aan die eindes van die aarde,
En dit is die tienduisende van E′fraim,[o]
En dit is die duisende van Manas′se.”

18 En van Se′bulon het hy gesê:[p]

“Wees bly, o Se′bulon, wanneer jy uitgaan,[q]
En Is′saskar, in jou tente.[r]
19 Hulle sal volke na die berg roep.

HFST. 33

a Rig 1:2; 2Sa 7:1; 2Sa 7:9
b Ge 49:5; Nu 3:12; Nu 18:24
c Eks 28:30; Le 8:8; Esr 2:63
d Eks 32:26; Heb 7:26
e Eks 17:7; De 6:16
f Nu 20:13
g Eks 32:27; Le 10:6
h Le 10:7
i Mal 2:5
j Le 10:11; De 17:9; Jer 18:18
k 2Kr 15:3; 2Kr 17:9; Mal 2:7
l Eks 30:7; Nu 16:40
m Le 1:9; Ps 51:19
n Ps 18:32; Jes 40:29; Hab 3:19; Flp 4:13
o De 18:5; Mal 2:6
p Han 23:4
q Ps 3:7; Am 5:10
r Ge 49:27
s 2Sa 7:16
t Ps 4:8
u Jos 18:11; Ps 68:27
v Jos 18:28; Rig 1:21; 2Sa 5:9; Ps 125:2

Tweede kol.

a Ge 49:22
b Jos 16:1; Spr 10:22
c Ge 27:28; Sag 8:12
d Ge 49:25
e 2Sa 23:4
f Le 26:5; Ps 65:9
g Ge 37:25; Jos 17:18
h De 8:8; Ps 24:1
i Eks 3:4; Han 7:30
j Ge 49:26; 1Kr 5:1
k Ge 37:7; 1Kr 5:2
l Jos 17:1
m Ps 22:21; Ps 92:10
n 1Kn 22:11; Ps 44:5
o Ge 48:19
p Ge 49:13
q Jos 19:10; Rig 5:14
r Ge 49:14; Jos 19:17

Daar sal hulle die offerandes van regverdigheid offer.[a]
Want hulle sal die oorvloedige rykdom van die seë insuig[b]
En die verborge skatte van die sand.”

20 En van Gad het hy gesê:[c]
“Geseënd is hy wat die grense van Gad uitbrei.[d]
Soos ’n leeu sal hy woon,[e]
En hy sal die arm, ja, die kroon van die kop verskeur.[f]
21 En hy sal die eerste deel vir hom kies,[g]
Want daar is die toegemete deel van ’n wetgewer bewaar.[h]
En die hoofde van die volk sal bymekaarkom.
Die regverdigheid van Jehovah sal hy beslis uitvoer
En sy regterlike beslissings met Israel.”

22 En van Dan het hy gesê:[i]
“Dan is ’n leeuwelpie.[j]
Hy sal uit Basan uitspring.”[k]

23 En van Naf′tali het hy gesê:[l]
“Naf′tali is versadig van die goedkeuring
En vol van die seën van Jehovah.
Neem tog die weste en die suide in besit.”[m]

24 En van Aser het hy gesê:[n]
“Geseënd met seuns is Aser.[o]
Laat hy iemand word wat deur sy broers goedgekeur is,[p]
En iemand wat sy voet in olie doop.[q]
25 Yster en koper is jou poortgrendels,[r]
En ooreenkomstig jou dae is jou rustige gang.
26 Daar is niemand soos die ware God[a] van Jesu′run[b] nie,
Wat op die hemel ry om jou te hulp te kom[c]
En op die bewolkte lug in sy uitnemendheid.[d]
27 ’n Skuilplek is die God van die ou tyd,[e]
En onder is die arms wat tot onbepaalde tyd bly.[f]
En hy sal die vyand voor jou uit verdryf,[g]
En hy sal sê: ‘Verdelg hulle!’[h]
28 En Israel sal in veiligheid woon,[i]
Die fontein van Jakob op sy eie,[j]
In ’n land van graan en nuwe wyn.[k]
Ja, sy hemel sal die dou laat afdrup.[l]
29 Gelukkig is jy, o Israel![m]
Wie is soos jy,[n]
’n Volk wat redding geniet in Jehovah,[o]
Die skild van jou hulp,[p]
En die Een wat jou uitnemende swaard is?[q]
Daarom sal jou vyande voor jou kruip,[r]
En jy—op hulle hoogtes sal jy loop.”[s]

34 Toe het Moses uit die woestynvlaktes van
Moab teen die berg Nebo opgeklim,[t] na die top van Pisga,[u]
wat op Je′rigo uitkyk.[v] En Jehovah het hom die hele land gewys: Gi′lead tot by Dan,[w]
2 en die hele Naf′tali en die land van E′fraim en Manas′se en die hele land van Juda tot by die westelike see,[x]
3 en die

HFST. 33
a Ps 4:5
b Ge 49:13; Mt 4:13
c Ge 49:19
d Jos 13:8; Jos 13:24
e 1Kr 12:8; Spr 28:1
f 1Kr 5:18; 1Kr 5:20
g Nu 32:1
h Nu 32:21; Nu 32:27; Nu 32:33; Jos 1:14; Jos 1:15; Jos 4:12; Jos 22:1
i Ge 49:16
j Rig 13:2; Rig 13:24; Rig 15:8; Rig 15:20; Rig 16:30
k Jos 19:47; Rig 18:27; Rig 18:29; 1Kr 12:35
l Ge 49:21
m Jos 19:32
n Ge 49:20
o Ps 127:3; Ps 128:3
p Spr 3:4
q De 32:13; Job 29:6
r De 8:9

Tweede kol.
a Eks 15:11; Ps 86:8; Ps 89:6; Jer 10:6
b De 32:15; De 33:5; Jes 44:2
c Ps 68:33
d Ps 68:34; Ps 93:1; Ps 104:3
e Ps 46:11; Ps 90:1; Ps 91:2; Ps 125:2
f Jes 40:11; Ho 11:3
g De 9:3
h De 31:4
i Jer 23:6; Jer 33:16
j Ps 68:26; Jes 48:1
k De 8:8
l De 11:11; De 33:13
m Ps 33:12; Ps 144:15; Ps 146:5
n De 4:7; 2Sa 7:23; Ps 147:20
o Ps 27:1; Jes 12:2
p Ge 15:1; Ps 115:9
q Rig 7:20
r 2Sa 22:45; Ps 66:3; Ps 81:15
s De 32:13

HFST. 34 t Nu 27:12; De 32:49; u Nu 21:20; De 3:27; v Nu 36:13; w Jos 19:47; Rig 18:29; x Eks 23:31; Nu 34:6; De 11:24.

Negeb[a] en die Distrik,[b] die val-
leivlakte van Je′rigo, die palm-
stad,[c] tot by Soar.[d]
**4** En Jehovah het vir hom
gesê: “Dit is die land wat ek aan
Abraham, Isak en Jakob met ’n
eed beloof het deur te sê: ‘Aan
jou saad sal ek dit gee.’[e] Ek het
jou dit met jou eie oë laat sien,
aangesien jy nie daarheen sal
oortrek nie.”[f]
**5** Daarna het Moses, die
kneg van Jehovah,[g] daar in die
land Moab gesterf, volgens die
bevel van Jehovah.[h] **6** En hy
het hom in die vallei in die land
Moab begrawe teenoor Bet-
Peor,[i] en niemand weet tot van-
dag toe waar sy graf is nie.[j]
**7** En Moses was honderd-en-
twintig jaar oud toe hy gesterf
het.[k] Sy oog het nie dof ge-
word nie[l] en sy lewenskrag het
nie gewyk nie.[m] **8** En die kin-
ders van Israel het dertig dae
lank in die woestynvlaktes van
Moab oor Moses gehuil.[n] Einde-
lik het die dae van die gehuil,
van die routyd vir Moses, tot ’n
einde gekom.
**9** En Josua, die seun van
Nun, was vol van die gees van
wysheid,[a] want Moses het hom
die hand opgelê;[b] en die kin-
ders van Israel het na hom be-
gin luister, en hulle het ge-
doen net soos Jehovah Moses
beveel het.[c] **10** Maar daar het
nog nooit weer ’n profeet in Is-
rael opgestaan soos Moses nie[d]
—vir wie Jehovah van aange-
sig tot aangesig geken het[e]—
**11** wat al die tekens en die
wonderwerke betref wat Jeho-
vah hom gestuur het om in
Egipteland aan Farao en al sy
knegte en sy hele land te doen,[f]
**12** en wat die hele sterk hand
betref en al die groot, ontsag-
wekkende dade wat Moses voor
die oë van die hele Israel verrig
het.[g]

HFST. 34
a Jos 15:1
b Ge 13:10; 1Kn 7:46
c 2Kr 28:15
d Ge 19:22; Jes 15:5
e Ge 12:7; Ge 26:3; Ge 28:13
f Nu 20:12; De 32:52
g Nu 12:7; Mal 4:4
h De 32:50; Jos 1:2
i De 3:29
j Han 2:31; Jud 9
k De 31:2; Han 7:23; Han 7:30; Han 7:36
l Ge 27:1; Ge 48:10
m Jos 14:11
n Nu 20:29

Tweede kol.
a Rig 3:10; Rig 6:34; 1Kn 3:12
b Nu 27:18; De 31:14; Han 6:6; 1Ti 4:14
c Nu 27:21; Jos 1:16; Heb 13:17
d De 18:15; Han 3:22; Han 7:37
e Eks 33:11; Eks 33:20; Nu 12:8; f De 4:34; Ps 78:43; g Eks 3:19; De 26:8; Lu 24:19.

# JOSUA

**1** En ná die dood van Moses,
die kneg van Jehovah, het
Jehovah vir Josua,[a] die seun
van Nun, die dienaar[b] van Mo-
ses, gesê: **2** “My kneg Moses
is dood;[c] en staan nou op, trek
deur hierdie Jordaan, jy en
hierdie hele volk, na die land
wat ek aan hulle, aan die kin-
ders van Israel, gee.[d] **3** Elke
plek waarop julle voetsool sal
trap, sal ek beslis aan julle gee,
net soos ek Moses beloof het.[e]
**4** Van die wildernis en hierdie
Li′banon af tot by die groot ri-
vier, die Eufraatrivier, dit wil
sê die hele land van die He-
tiete,[f] en tot by die Groot See
teen die sonsondergang sal julle
gebied wees.[a] **5** Niemand sal
al die dae van jou lewe voor
jou standhou nie.[b] Net soos ek
met Moses was, sal ek met jou
wees.[c] Ek sal jou nie in die
steek laat of jou heeltemal ver-
laat nie.[d] **6** Wees moedig en
sterk,[e] want jy sal hierdie volk
die land laat beërf[f] wat ek aan
hulle voorvaders met ’n eed be-
loof het om aan hulle te gee.[g]
**7** “Wees net moedig en baie
sterk om sorgvuldig te han-
del volgens die hele wet wat
my kneg Moses jou beveel het.[h]

HFST. 1
a De 31:14
b Eks 24:13; Nu 11:28
c De 34:5
d Nu 27:21; De 3:28
e De 11:24
f Nu 13:29; Jos 11:3

Tweede kol.
a Ge 15:18; Eks 23:31; Nu 34:3; De 1:7; Jos 15:4
b De 7:24; De 11:25; Ro 8:31
c Eks 3:12; Jos 3:7
d De 31:6; Heb 13:5
e De 1:38; De 31:23; Ps 27:14
f Nu 34:17; g Ge 12:7; Ge 15:18; Ge 26:3; h De 31:7.

Moenie regs of links daarvan af-
wyk nie,[a] sodat jy wys kan han-
del oral waar jy gaan.[b] **8** Hier-
die wetboek mag nie uit jou
mond wyk nie,[c] en jy moet dag
en nag op gedempte toon daar-
in lees, sodat jy sorgvuldig kan
handel volgens alles wat daarin
geskrywe staan;[d] want dan sal
jy jou weg suksesvol maak en
dan sal jy wys handel.[e] **9** Het
ek jou nie beveel nie?[f] Wees
moedig en sterk. Moenie sidder
of verskrik wees nie,[g] want Je-
hovah jou God is met jou waar
jy ook al gaan."[h]

**10** En Josua het die beamp-
tes van die volk beveel en gesê:
**11** "Gaan deur die kamp en be-
veel die volk en sê: 'Maak vir
julle padkos gereed, want oor
drie dae trek julle deur hierdie
Jordaan om in te gaan en die
land in besit te neem wat Jeho-
vah julle God julle gee om dit in
besit te neem.' "[i]

**12** En vir die Rubeniete en
die Gadiete en die halwe stam
van Manas′se het Josua gesê:
**13** "Onthou die woord wat Mo-
ses, die kneg van Jehovah, jul-
le beveel het[j] toe hy gesê het:
'Jehovah julle God gee julle rus
en het julle hierdie land gegee.
**14** Julle vrouens, julle kinder-
tjies en julle vee sal in die land
woon wat Moses julle aan hier-
die kant van die Jordaan gegee
het;[k] maar julle sal in slagorde[l]
voor julle broers oortrek, al die
dapper, sterk manne,[m] en julle
moet hulle help. **15** Eers wan-
neer Jehovah aan julle broers
rus gee net soos aan julle, en
ook hulle die land in besit ge-
neem het wat Jehovah julle God
hulle gee,[n] moet julle ook na
die land van julle besitting te-
rugkeer en dit in besit neem,[o]
die een wat Moses, die kneg
van Jehovah, julle aan die kant
van die Jordaan teen die sons-
opgang gegee het.' "[a]

**16** Gevolglik het hulle Josua
geantwoord en gesê: "Alles wat
u ons beveel het, sal ons doen,
en waar u ons ook al stuur, sal
ons gaan.[b] **17** Soos ons in al-
les na Moses geluister het, so
sal ons na u luister. Mag Jeho-
vah u God net met u wees[c] soos
hy met Moses was.[d] **18** Elke
man wat hom opstandig gedra
teen u bevel[e] en na u woorde nie
luister in alles wat u hom be-
veel nie, sal doodgemaak word.[f]
Wees net moedig en sterk."[g]

**2** Daarop het Josua, die seun
van Nun, in die geheim uit
Sittim[h] twee manne as spioene
uitgestuur en gesê: "Gaan, be-
kyk die land en Je′rigo." Toe het
hulle gegaan en by die huis ge-
kom van 'n prostituut met die
naam Ragab,[i] en hulle het daar
gaan bly. **2** Na 'n ruk is daar
vir die koning van Je′rigo ge-
sê: "Kyk! Manne uit die kinders
van Israel het vannag hierheen
gekom om die land te verken."
**3** Daarop het die koning van
Je′rigo na Ragab gestuur en ge-
sê: "Bring die manne uit wat na
jou toe gekom het, wat in jou
huis ingekom het, want hulle
het gekom om die hele land te
verken."[j]

**4** Intussen het die vrou die
twee manne geneem en hulle
weggesteek. En sy het gesê:
"Ja, die manne het na my toe
gekom, en ek het nie geweet
van waar hulle was nie. **5** En
toe die poort teen donker toe-
gemaak moes word,[k] het die
manne uitgegaan. Ek weet glad
nie waarheen die manne ge-
gaan het nie. Sit hulle gou ag-
terna, want julle sal hulle in-
haal." **6** (Sy het hulle egter
opgeneem dak toe,[l] en sy het

HFST. 1
a De 5:32, De 28:14
b De 29:9, 1Kn 2:3
c De 6:6, De 30:14
d De 17:19, Ps 1:2, 1Ti 4:15, Jak 1:25
e 1Kr 22:13
f De 31:7
g De 31:8, Jos 8:1
h Eks 23:27, Ps 46:7
i De 9:1, De 11:31, Jos 3:2
j Nu 32:20, Jos 22:2
k De 3:19, De 29:8, Jos 13:8
l Eks 13:18, Nu 32:21, De 3:18
m Nu 1:3, Nu 26:2
n Nu 32:17, Nu 32:22, De 3:20
o Jos 22:4

Tweede kol.
a Nu 32:33, Jos 22:9
b Nu 32:25, Heb 13:17
c 1Sa 16:18, 1Sa 17:37
d Nu 27:20, De 34:9
e 1Sa 12:15, 1Sa 15:23, Spr 17:11
f De 17:12, 1Sa 11:12
g De 31:7, Jos 1:6

HFST. 2
h Nu 25:1, Nu 33:49
i Jos 6:17, Mt 1:5, Heb 11:31, Jak 2:25
j Ge 42:9, 2Sa 10:3
k Ne 13:19
l De 22:8, 2Sa 11:2, Han 10:9

hulle weggesteek tussen vlasstingels wat vir haar op die dak in rye gelê is.) **7** En die manne het hulle agternagesit in die rigting van die Jordaan by die driwwe,[a] en hulle het die poort gesluit onmiddellik nadat dié wat hulle agternagesit het, daar uitgegaan het.

**8** Wat hulle betref, voordat hulle kon gaan lê, het sy na hulle toe opgeklim op die dak. **9** En sy het vir die manne gesê: "Ek weet dat Jehovah beslis die land aan julle sal gee,[b] en dat die skrik vir julle op ons geval het,[c] en dat al die inwoners van die land mismoedig geword het weens julle.[d] **10** Want ons het gehoor hoe Jehovah die waters van die Rooi See voor julle laat opdroog het toe julle uit Egipte uitgetrek het,[e] en wat julle met die twee konings van die Amoriete gedoen het wat aan die oorkant van die Jordaan was, naamlik Sihon[f] en Og,[g] wat julle aan vernietiging oorgegee het.[h] **11** Toe ons dit hoor, het ons hart begin smelt,[i] en weens julle het daar nog geen gees in enigiemand opgekom nie,[j] want Jehovah julle God is God in die hemel daar bo en op die aarde hier onder.[k] **12** En sweer dan nou asseblief vir my by Jehovah[l] dat julle, omdat ek liefderyke goedhartigheid teenoor julle bewys het, ook beslis liefderyke goedhartigheid teenoor die huisgesin van my vader sal bewys,[m] en julle moet my 'n betroubare teken gee.[n] **13** En julle moet my vader[o] en my moeder en my broers en my susters en almal wat aan hulle behoort, laat lewe, en julle moet ons siel van die dood verlos."[p]

**14** Daarop het die manne vir haar gesê: "Ons siel moet in julle plek sterf![q] As julle nie hierdie saak van ons bekend maak nie, sal ons, wanneer Jehovah ons die land gee, ook beslis liefderyke goedhartigheid en trou teenoor jou bewys."[a] **15** Daarna het sy hulle met 'n tou deur die venster laat afklim, want haar huis was aan 'n kant van die muur, en sy het op die muur gewoon.[b] **16** En sy het vir hulle gesê: "Gaan na die bergstreek, sodat die agtervolgers julle nie teëkom nie; en julle moet drie dae daar wegkruip, totdat die agtervolgers teruggekom het, en daarna kan julle julle eie rigting inslaan."

**17** Hierop het die manne vir haar gesê: "Ons is vry van skuld met betrekking tot hierdie eed van jou wat jy ons laat sweer het.[c] **18** Kyk! Ons kom in die land in. Hierdie tou van skarlaken draad moet jy in die venster bind waardeur jy ons laat afklim het, en jou vader en jou moeder en jou broers en die hele huisgesin van jou vader moet jy by jou in die huis versamel.[d] **19** En elkeen wat by die deure van jou huis uitgaan buitentoe,[e] sy bloed sal op sy eie hoof wees, en ons sal vry wees van skuld; en elkeen wat by jou in die huis bly, sy bloed sal op ons hoof wees as 'n hand teen hom kom. **20** En as jy hierdie saak van ons sou aangee,[f] sal ons ook vry wees van skuld met betrekking tot hierdie eed van jou wat jy ons laat sweer het." **21** Hierop het sy gesê: "Laat dit wees volgens julle woorde."

Toe het sy hulle weggestuur, en hulle het weggegaan. Daarna het sy die skarlaken tou in die venster gebind. **22** Hulle het toe gegaan en in die bergstreek gekom en drie dae daar gebly, totdat die agtervolgers teruggekom het. En die

HFST. 2
a Rig 3:28; Rig 12:5
b Ge 13:15; Ge 15:18; Eks 3:8
c Eks 23:27; De 2:25; De 11:25
d Eks 15:15; Jos 5:1; Ps 112:10
e Eks 14:21; Eks 15:14; Jos 4:23; Jos 9:9
f Nu 21:21; Nu 21:24
g Nu 21:34; De 3:3; Jos 9:10; Ps 135:11
h Le 27:29
i Jos 5:1
j Eks 15:15
k De 4:39; 2Kr 20:6; Ps 83:18; Ps 135:6; Da 4:35
l De 10:20
m Est 8:6
n Eks 12:13; Jos 2:18; Rig 6:17
o Ef 6:2
p Jos 6:23
q Nu 30:2; Mt 5:33

Tweede kol.
a Rig 1:24; 1Sa 30:15; Mt 10:41
b Heb 11:31
c Nu 30:2
d Jos 6:23; Est 8:6
e Nu 35:26
f Jos 2:14

agtervolgers het hulle op elke
pad gesoek, en hulle het hul-
le nie gevind nie. **23** En die
twee manne het weer uit die
bergstreek afgekom en oorge-
gaan en by Josua, die seun van
Nun, gekom, en hulle het hom
alles begin vertel wat met hul-
le gebeur het. **24** En hulle het
vir Josua gesê: “Jehovah het die
hele land in ons hand gegee.[a]
Gevolglik het al die inwoners
van die land ook mismoedig ge-
word weens ons.”[b]

**3** Toe het Josua die oggend
vroeg opgestaan, en hy en
al die kinders van Israel het
van Sittim[c] af weggetrek en tot
by die Jordaan gekom; en hul-
le het daar oornag voordat hul-
le sou deurtrek.

**2** En aan die einde van die
drie dae[d] het die beamptes[e]
deur die kamp gegaan **3** en
die volk beveel en gesê: “Sodra
julle die ark van die verbond
van Jehovah julle God sien, en
die priesters, die Leviete, wat
dit dra,[f] dan moet julle van jul-
le plek af wegtrek, en julle moet
dit volg, **4** —maar laat daar
’n afstand van omtrent twee-
duisend el volgens die maat tus-
sen julle en die ark wees;[g] moe-
nie naby dit kom nie—sodat
julle die pad kan weet waar-
langs julle moet trek, want julle
het nie tevore met dié pad langs
getrek nie.”

**5** En Josua het vir die volk
gesê: “Heilig[h] julle, want môre
sal Jehovah wonderlike dinge
onder julle doen.”[i]

**6** Toe het Josua vir die pries-
ters gesê: “Neem die verbonds-
ark[j] op en trek voor die volk
uit.” Toe het hulle die verbonds-
ark opgeneem en voor die volk
uit gegaan.

**7** En Jehovah het vir Josua
gesê: “Vandag sal ek jou be-
gin groot maak in die oë van
die hele Israel,[a] sodat hulle kan
weet dat ek met jou sal wees[b]
net soos ek met Moses was.[c]
**8** En jy—jy moet die priesters
wat die verbondsark dra, be-
veel[d] en sê: ‘Wanneer julle die
kant van die waters van die Jor-
daan bereik het, moet julle in
die Jordaan bly staan.’ ”[e]

**9** En Josua het vir die kin-
ders van Israel gesê: “Kom hier-
heen en luister na die woor-
de van Jehovah julle God.”
**10** Daarna het Josua gesê:
“Hieraan sal julle weet dat ’n
lewende God in julle midde is,[f]
en dat hy die Kanaäniete en die
Hetiete en die Hewiete en die
Perissiete en die Girgasiete en
die Amoriete en die Jebusiete
vir seker voor julle uit sal ver-
dryf.[g] **11** Kyk! Die ark van die
verbond van die Here van die
hele aarde trek voor julle uit die
Jordaan in. **12** En neem nou
vir julle twaalf manne uit die
stamme van Israel, een man vir
elke stam.[h] **13** En die oomblik
dat die voetsole van die pries-
ters wat die ark van Jehovah,
die Here van die hele aarde,
dra, in die waters van die Jor-
daan rus, sal die waters van die
Jordaan afgesny word, die wa-
ters wat van bo afvloei, en dit
sal soos een dam bly staan.”[i]

**14** En toe die volk uit hulle
tente wegtrek, net voordat hul-
le deur die Jordaan getrek het,
met die priesters wat die ver-
bondsark[j] voor die volk uit dra,
**15** en die oomblik toe die dra-
ers van die Ark die Jordaan be-
reik en die priesters wat die
Ark dra, hulle voete aan die
kant van die waters insteek
(die Jordaan oorstroom al sy oe-
wers[k] al die dae van die oes),
**16** toe het die waters wat van
bo afvloei, bly staan. Dit het

**HFST. 2**
a Eks 23:31, Jos 6:2, Jos 21:44, Ne 9:24
b Eks 15:15, Jos 2:9, Jos 2:11, Jos 5:1

**HFST. 3**
c Nu 25:1, Jos 2:1
d Jos 1:11
e De 1:15, De 20:5, De 31:28, Jos 1:10
f Nu 4:15, De 31:9, 1Kr 15:2
g Eks 19:12
h Eks 19:10, Le 20:7
i Eks 34:10, Ps 72:18, Ps 86:10
j Eks 25:10, Nu 4:15

**Tweede kol.**
a Jos 4:14
b De 31:8, Jos 1:5, Jos 1:17
c Eks 3:12, Eks 14:31
d Jos 1:18
e Jos 3:17
f Eks 17:7, Le 26:11, Nu 11:20, De 7:21
g Eks 3:8, De 7:1, Ps 24:1, Ps 44:2, Sag 4:14
h Jos 4:2
i Eks 15:8, Ps 114:3
j Eks 25:10, Jos 3:6, Han 7:45
k Jos 4:18, 1Kr 12:15

soos een dam opgerys,[a] baie ver
weg by Adam, die stad langs
Sartan,[b] terwyl dié wat afvloei
na die see van die A′raba, die
Soutsee,[c] opgeraak het. Dit is
afgesny, en die volk het voor
Je′rigo deurgetrek. **17** Intus-
sen het die priesters wat die
ark van Jehovah se verbond ge-
dra het, onbeweeglik op droë
grond[d] in die middel van die
Jordaan bly staan terwyl die
hele Israel op droë grond deur-
getrek het,[e] totdat die hele na-
sie die deurtog deur die Jordaan
voltooi het.

**4** En toe die hele nasie die
deurtog deur die Jordaan
voltooi het,[f] het Jehovah vir
Josua gesê: **2** “Neem vir julle
twaalf manne uit die volk, een
man uit elke stam,[g] **3** en be-
veel hulle en sê: ‘Neem vir julle
hier uit die middel van die Jor-
daan, van die plek waar die
priesters se voete beweginglo os
gestaan het,[h] twaalf klippe,[i] en
julle moet hulle saam met jul-
le oordra en hulle neersit op die
verblyfplek[j] waar julle vannag
sal oorbly.’ ”

**4** Toe het Josua twaalf man-
ne[k] geroep wat hy uit die kin-
ders van Israel aangestel het,
een man uit elke stam; **5** en
Josua het vir hulle gesê: “Gaan
voor die ark van Jehovah julle
God uit na die middel van die
Jordaan, en tel vir julle elkeen
’n klip op sy skouer, volgens die
getal stamme van die kinders
van Israel, **6** sodat dit as ’n te-
ken onder julle kan dien.[l] As
julle seuns in die toekoms vra
en sê: ‘Waarom het julle hierdie
klippe?’[m] **7** dan moet julle vir
hulle sê: ‘Omdat die waters van
die Jordaan voor die ark van Je-
hovah se verbond afgesny is.[n]
Toe dit deur die Jordaan getrek
het, is die waters van die Jor-
daan afgesny, en hierdie klip-
pe moet tot onbepaalde tyd as
’n gedenkteken vir die kinders
van Israel dien.’ ”[a]

**8** Toe het die kinders van Is-
rael dit gedoen, net soos Josua
beveel het, en hulle het twaalf
klippe uit die middel van die
Jordaan geneem, net soos Jeho-
vah vir Josua gesê het, om met
die getal stamme van die kin-
ders van Israel ooreen te stem;[b]
en hulle het hulle saam met
hulle na die verblyfplek[c] oorge-
neem en hulle daar neergesit.

**9** Daar was ook twaalf klip-
pe wat Josua in die middel van
die Jordaan opgerig het op die
plek waar die voete gestaan
het[d] van die priesters wat die
verbondsark gedra het, en hul-
le is tot vandag toe nog daar.

**10** En die priesters wat die
Ark gedra het, het in die mid-
del[e] van die Jordaan gestaan
totdat alles uitgevoer was wat
Jehovah Josua beveel het om
vir die volk te sê, volgens al-
les wat Moses Josua beveel
het.[f] Die hele tyd het die volk
hulle gehaas[g] en deurgetrek.
**11** En onmiddellik nadat die
hele volk die deurtog voltooi
het, het die ark[h] van Jehovah
deurgetrek, en die priesters,
voor die volk. **12** En die kin-
ders van Ruben en die kinders
van Gad en die halwe stam van
Manas′se[i] het in slagorde[j] voor
die oë van die kinders van Is-
rael deurgetrek, net soos Moses
vir hulle gesê het.[k] **13** Om-
trent veertigduisend wat vir
die leër toegerus was, het voor
Jehovah deurgetrek vir die oor-
log, na die woestynvlaktes van
Je′rigo.

**14** Daardie dag het Jehovah
Josua groot gemaak in die oë
van die hele Israel,[l] en hulle het
hom begin vrees net soos hulle

**HFST. 3**
a Jos 3:13
b 1Kn 7:46
c Ge 14:3, Nu 34:3, De 3:17, Jos 12:3
d Jos 4:3, 2Kn 2:8
e Ps 66:6

**HFST. 4**
f Nu 14:29, Nu 26:51, Nu 26:65
g Jos 3:12
h Jos 3:17
i De 27:2
j Jos 4:19, Jos 4:20
k Jos 3:12
l Ge 31:45
m Eks 12:26, Eks 13:14, De 6:20, Jos 4:21, Ps 78:3, Jes 38:19
n Jos 3:13, Jos 3:16

**Tweede kol.**
a De 4:9
b Jos 4:2, Han 26:7
c De 27:2, Jos 4:3, Jos 4:19
d Jos 3:17
e Jos 3:13
f De 27:2, De 34:9
g Ps 119:60
h Jos 3:8, Jos 3:17
i Jos 1:12
j Eks 13:18, Nu 32:27, Jos 1:14
k Nu 32:21, Nu 32:29
l Jos 3:7, Ps 75:7

Moses al die dae van sy lewe ge-
vrees het.[a]
**15** Toe het Jehovah vir Josua
gesê: **16** “Beveel die priesters
wat die ark van die getuienis
dra[b] dat hulle uit die Jordaan
moet opklim.” **17** Toe het Jo-
sua die priesters beveel en ge-
sê: “Klim op uit die Jordaan.”
**18** En toe die priesters wat die
ark[c] van die verbond van Je-
hovah dra, uit die middel van
die Jordaan opklim en die pries-
ters hulle voetsole[d] op die droë
grond uitlig, het die waters van
die Jordaan na hulle plek begin
terugkeer en soos voorheen al
sy oewers oorstroom.[e]
**19** En die volk het op die
tiende van die eerste maand uit
die Jordaan opgeklim en by Gil-
gal[f] aan die oostelike grens van
Je′rigo kamp opgeslaan.
**20** Wat die twaalf klippe be-
tref wat hulle uit die Jordaan
geneem het, Josua het hulle in
Gilgal opgerig.[g] **21** En hy het
vir die kinders van Israel gesê:
“Wanneer julle seuns hulle va-
ders in die toekoms vra en sê:
‘Wat beteken hierdie klippe?’[h]
**22** dan moet julle dit aan julle
seuns bekend maak en sê: ‘Dit
was op die droë grond dat Israel
deur hierdie Jordaan getrek
het,[i] **23** toe Jehovah julle God
die waters van die Jordaan voor
hulle laat opdroog het totdat
hulle deurgetrek het, net soos
Jehovah julle God met die Rooi
See gedoen het toe hy dit voor
ons laat opdroog het totdat ons
deurgetrek het;[j] **24** sodat al
die volke van die aarde Jehovah
se hand kan ken,[k] dat dit sterk
is;[l] sodat julle Jehovah julle God
inderdaad altyd mag vrees.’ ”[m]

**5** En toe al die konings van
die Amoriete,[n] wat aan die
westekant van die Jordaan was,
en al die konings van die Ka-
naäniete,[a] wat by die see was,
hoor dat Jehovah die waters
van die Jordaan voor die kin-
ders van Israel laat opdroog
het totdat hulle deurgetrek het,
het hulle hart begin smelt,[b] en
daar was geen gees meer in hul-
le weens die kinders van Israel
nie.[c]
**2** In dié tyd het Jehovah vir
Josua gesê: “Maak vir jou vuur-
klipmesse en besny[d] die kinders
van Israel weer, vir die twee-
de keer.” **3** Toe het Josua vir
hom vuurklipmesse gemaak en
die kinders van Israel by Gi′-
beat-Häaralot[e] besny. **4** En dít
was die rede waarom Josua die
besnydenis uitgevoer het: die
hele volk wat uit Egipte ge-
trek het, die manspersone, al
die krygsmanne, het op pad in
die wildernis gesterf[f] toe hulle
uit Egipte getrek het. **5** Want
die hele volk wat uitgetrek
het, was besny, maar die hele
volk wat op pad in die wilder-
nis gebore is toe hulle uit Egip-
te getrek het, het hulle nie be-
sny nie. **6** Want die kinders
van Israel het veertig jaar[g]
lank in die wildernis gewandel,
totdat die hele nasie van die
krygsmanne wat uit Egipte ge-
kom het, wat nie na die stem
van Jehovah geluister het nie,
aan hulle einde gekom het, vir
wie Jehovah gesweer het dat
hy hulle nooit die land sou
laat sien[h] wat Jehovah aan hul-
le voorvaders met ’n eed be-
loof het om aan ons te gee nie,[i]
’n land wat oorloop van melk
en heuning.[j] **7** En hulle seuns
het hy in hulle plek verwek.[k]
Dié het Josua besny, omdat hul-
le onbesnede was, want hulle
het hulle nie op pad besny nie.
**8** En toe hulle die hele na-
sie klaar besny het, het hulle op
hulle plek in die kamp bly sit
totdat hulle herstel het.[l]

**HFST. 4**
a Eks 14:31
b Eks 25:22
c Nu 4:15
d Jos 3:13
e Jos 3:15
f Jos 4:3; Jos 5:9; Jos 10:6; Mi 6:5
g De 27:2; Jos 4:8
h Jos 4:6; Ps 44:1
i Jos 3:17; Ps 66:6
j Eks 14:21; Ne 9:11; Ps 78:13; Jes 43:16; Jes 63:12; Heb 11:29
k Eks 9:16; De 28:10; 1Sa 17:46; 1Kn 8:42; 2Kn 5:15; 2Kn 19:19
l Eks 15:6; Ps 89:13; Ps 106:8
m De 6:2; Ps 76:7; Jer 10:7; 1Pe 2:17

**HFST. 5**
n Ge 10:16

**Tweede kol.**
a Ge 12:6; Nu 13:29; Rig 3:3
b Eks 15:15; Jos 2:9; Jos 2:11
c Jos 2:24
d Ge 17:11; Eks 4:25
e Jos 5:9
f Nu 14:29; Nu 26:65; De 2:14; 1Ko 10:5; Heb 3:17
g Nu 14:33; De 1:3; Ps 95:10
h Nu 14:23; De 1:35; Ps 106:26
i Ge 13:15; Eks 33:1; Han 7:5
j Eks 3:8; Nu 13:27; De 27:3; Ese 20:6
k Nu 14:31; De 1:39
l Ge 34:25

**9** Toe het Jehovah vir Josua
gesê: “Vandag het ek die smaad
van Egipte van julle af weg-
gerol.”[a] Daarom word daardie
plek tot vandag toe Gilgal[b] ge-
noem.

**10** En die kamp van die kin-
ders van Israel het in Gilgal ge-
bly, en hulle het die pasga op die
veertiende dag van die maand,[c]
in die aand, in die woestynvlak-
tes van Je′rigo, gehou. **11** En
hulle het die dag ná die pasga
van die opbrengs van die land
begin eet, ongesuurde koeke[d]
en geroosterde graan, op daar-
die selfde dag. **12** Toe het die
manna die volgende dag opge-
hou, nadat hulle van die op-
brengs van die land geëet het,
en daar het nie meer manna vir
die kinders van Israel gekom
nie,[e] en hulle het in daardie jaar
van die opbrengs van die land
Kanaän begin eet.[f]

**13** En toe Josua by Je′rigo
was, het hy sy oë opgeslaan en
gekyk, en daar het ’n man[g] voor
hom gestaan met sy ontblote
swaard in sy hand.[h] Toe het Jo-
sua na hom toe geloop en vir
hom gesê: “Is jy vir ons of vir
ons teenstanders?” **14** Hierop
het hy gesê: “Nee, maar ek—as
vors van die leër van Jehovah
het ek nou gekom.”[i] Toe het Jo-
sua op sy gesig op die aarde ge-
val en hom neergewerp[j] en vir
hom gesê: “Wat sê my heer vir
sy kneg?” **15** Daarop het die
vors van die leër van Jehovah
vir Josua gesê: “Trek jou san-
dale van jou voete af, want die
plek waarop jy staan, is heilig.”
Dadelik het Josua dit gedoen.[k]

**6** En Je′rigo was dig toege-
sluit weens die kinders van
Israel; niemand het uitgegaan
en niemand het ingegaan nie.[l]

**2** En Jehovah het vir Josua
gesê: “Kyk, ek het Je′rigo en sy
koning, die dapper, sterk man-
ne, in jou hand gegee.[a] **3** En
al julle krygsmanne moet om
die stad trek; trek een keer om
die stad. So moet julle ses dae
lank doen. **4** En sewe pries-
ters moet sewe ramshorings
dra, voor die Ark uit, en op die
sewende dag moet julle sewe
keer om die stad trek, en die
priesters moet op die horings
blaas.[b] **5** En wanneer hulle op
die ramshoring blaas, wanneer
julle die geluid van die horing
hoor, moet die hele volk ’n
groot oorlogskreet aanhef;[c] en
die muur van die stad sal in-
mekaarstort,[d] en die volk moet
opgaan, elkeen reg voor hom
uit.”

**6** Toe het Josua, die seun van
Nun, die priesters geroep[e] en
vir hulle gesê: “Neem die ver-
bondsark op,[f] en sewe priesters
moet sewe ramshorings voor
die ark[g] van Jehovah uit dra.”
**7** En hy het vir die volk ge-
sê: “Trek verby en gaan om die
stad, en die gewapende stryd-
mag[h] moet voor die ark van Je-
hovah uit trek.” **8** Toe het dit
gebeur net soos Josua vir die
volk gesê het; en sewe priesters
wat sewe ramshorings voor Je-
hovah gedra het, het verby ge-
trek en op die horings geblaas,
en die ark van die verbond van
Jehovah het hulle gevolg.
**9** En die gewapende strydmag
het voor die priesters uit ge-
gaan wat op die horings geblaas
het, terwyl die agterhoede[i] die
Ark met ’n aanhoudende ge-
blaas op die horings gevolg het.

**10** En Josua het die volk be-
veel[j] en gesê: “Julle moenie
skreeu of julle stem laat hoor
nie, en geen woord moet uit jul-
le mond uitkom nie tot die dag
dat ek vir julle sê: ‘Skreeu!’ Dan
moet julle skreeu.”[k] **11** En hy

**HFST. 5**
a Ge 34:14, Ps 119:39, Jer 9:25, Jer 9:26
b Jos 4:19, Jos 5:3
c Eks 12:24, Nu 9:5
d Eks 12:18, Eks 13:6, Le 23:6
e Eks 16:35
f De 6:11, De 8:10
g Ge 18:2, Eks 23:23, Rig 13:6, Han 1:10
h Nu 22:23, 1Kr 21:16
i Eks 23:20, 1Kn 22:19, Ps 103:20, Ps 148:2, Da 10:13
j Ge 17:3
k Eks 3:5

**HFST. 6**
l Jos 2:9

**Tweede kol.**
a Nu 14:9, De 7:24, Rig 11:24, Ne 9:24
b Rig 3:27, Rig 7:22, 2Sa 2:28, Sef 1:16
c Jer 50:15, Ho 5:8
d Heb 11:30
e De 20:2
f De 31:25
g Nu 4:15
h Nu 10:14, Nu 10:18, Nu 10:22, Jos 1:14, Jos 4:13
i Nu 10:25
j De 34:9
k Jos 1:18

het die ark van Jehovah om
die stad laat trek, een keer om,
waarna hulle na die kamp ge-
gaan en in die kamp oornag het.
**12** Toe het Josua die oggend
vroeg opgestaan,[a] en die pries-
ters het die ark[b] van Jeho-
vah gedra, **13** en sewe pries-
ters wat sewe ramshorings voor
die ark van Jehovah uit ge-
dra het, het geloop en aanhou-
dend op die horings geblaas,
en die gewapende strydmag het
voor hulle uit geloop, terwyl
die agterhoede die ark van Je-
hovah met 'n aanhoudende ge-
blaas op die horings[c] gevolg
het. **14** En hulle het op die
tweede dag een keer om die
stad getrek, waarna hulle na
die kamp teruggekeer het. So
het hulle ses dae lank gedoen.[d]
**15** En op die sewende dag
het hulle vroeg opgestaan, met
dagbreek, en hulle het sewe
keer op hierdie manier om die
stad getrek. Net op dié dag
het hulle sewe keer om die stad
getrek.[e] **16** En die sewende
keer het die priesters op die ho-
rings geblaas, en Josua het vir
die volk gesê: "Skreeu;[f] want
Jehovah het die stad aan julle
gegee.[g] **17** En die stad moet
iets word wat aan vernietiging
oorgegee is;[h] dit met alles wat
daarin is, behoort aan Jehovah.
Net Ragab,[i] die prostituut, mag
bly lewe, sy en almal wat saam
met haar in die huis is, om-
dat sy die boodskappers weg-
gesteek het wat ons uitgestuur
het.[j] **18** Wat julle betref, bly
net weg van dit wat aan vernie-
tiging oorgegee is,[k] sodat daar
nie 'n begeerte by julle ont-
staan[l] en julle iets neem van dit
wat aan vernietiging oorgegee
is[m] en die kamp van Israel iets
maak wat aan vernietiging oor-
gegee is en dit in die ongeluk
stort nie.[a] **19** Maar al die sil-
wer en die goud en die koper-
en ystervoorwerpe is iets hei-
ligs vir Jehovah.[b] Dit moet by
die skat van Jehovah kom."[c]
**20** Daarop het die volk ge-
skreeu toe hulle op die horings
blaas.[d] En toe die volk die ge-
luid van die horing hoor en die
volk 'n groot oorlogskreet aan-
hef, het die muur inmekaar be-
gin stort.[e] Daarna het die volk
opgegaan, die stad in, elkeen
reg voor hom uit, en die stad
ingeneem. **21** En hulle het al-
les wat in die stad was, man so-
wel as vrou, jong man sowel as
ou man, en bul en skaap en esel,
deur die skerpte van die swaard
aan vernietiging oorgegee.[f]
**22** En vir die twee manne
wat die verkenning van die land
gedoen het, het Josua gesê:
"Gaan in die huis van die vrou,
die prostituut, en bring die vrou
en almal wat aan haar behoort,
daaruit, net soos julle vir haar
gesweer het."[g] **23** Toe het die
jong manne wat die verkenning
gedoen het, ingegaan en Ragab
en haar vader en haar moeder
en haar broers en almal wat aan
haar behoort het, uitgebring,
ja, haar hele familie het hulle
uitgebring;[h] en hulle het hulle
buite die kamp van Israel ge-
plaas.
**24** En hulle het die stad en
alles wat daarin was, met vuur
verbrand.[i] Net die silwer en
die goud en die koper- en ys-
tervoorwerpe het hulle aan die
skat van Jehovah se huis ge-
gee.[j] **25** En Josua het Ragab,
die prostituut, en die huisgesin
van haar vader en almal wat
aan haar behoort het, laat le-
we;[k] en sy woon nog tot vandag
toe onder Israel,[l] omdat sy die
boodskappers weggesteek het

**HFST. 6**
a Jos 3:1
b Nu 3:31, Nu 4:15, De 31:9, 1Kr 15:2
c Jos 6:4
d Jos 6:3
e Jos 6:4
f Jos 6:5, Jos 6:10, 2Kr 13:15
g De 9:1, Jos 6:1
h Le 27:28, Nu 21:3, De 7:2, De 20:16
i Jos 2:1, Mt 1:5, Heb 11:31
j Ge 12:3, Jos 2:4, Jos 2:6, Mt 25:40, Heb 6:10, Jak 2:25
k De 7:26
l De 13:17, Jos 7:21, Heb 13:5
m Jos 7:11

**Tweede kol.**
a Jos 7:25, 1Kr 2:7
b Nu 31:22
c Jos 6:24, 2Sa 8:11, 1Kn 7:51, 1Kr 18:11
d Jos 6:4, Jos 6:16
e Jos 6:5, Heb 11:30
f Le 27:29, De 7:2, De 20:16, 1Sa 15:3
g Jos 2:14, Heb 11:31
h Jos 2:13, Jos 2:18
i De 13:16
j Jos 6:19
k Jos 2:14, Jos 6:17, Jos 6:22
l Mt 1:5

wat Josua uitgestuur het om
Je′rigo te verken.[a]
**26** Toe het Josua in dié tyd ’n
eed laat uitspreek en gesê: “Ver-
vloek voor Jehovah is die man
wat opstaan en hierdie stad,
ja, Je′rigo, bou. Ten koste van
sy eersgeborene sal hy sy fon-
dament lê, en ten koste van sy
jongste sal hy sy deure insit.”[b]
**27** En Jehovah was met Jo-
sua,[c] en sy roem het oor die
hele aarde versprei.[d]

**7** En die kinders van Israel
het ’n daad van ontrouheid
gepleeg met betrekking tot dit
wat aan vernietiging oorgegee
is, deurdat Agan,[e] die seun van
Karmi, die seun van Sabdi, die
seun van Serag, van die stam
Juda, geneem het van dit wat
aan vernietiging oorgegee is.[f]
Hierop het Jehovah se toorn
teen die kinders van Israel ont-
vlam.[g]
**2** Toe het Josua manne van
Je′rigo af uitgestuur na Ai,[h] wat
naby Bet-Awen[i] is, oos van Bet-
El,[j] en vir hulle gesê: “Trek
op en verken die land.” Gevolg-
lik het die manne opgetrek en
Ai verken.[k] **3** Daarna het hul-
le na Josua toe teruggekeer
en vir hom gesê: “Moenie al
die manskappe laat optrek nie.
Laat omtrent tweeduisend man
of omtrent drieduisend man op-
trek en Ai verslaan. Moenie al
die manskappe met ’n tog daar-
heen vermoei nie, want hulle is
min.”
**4** Toe het omtrent driedui-
send man van die manskappe
daarheen opgetrek, maar hul-
le het voor die manne van Ai
gevlug.[l] **5** En die manne van
Ai het van hulle omtrent ses-
en-dertig man doodgemaak, en
hulle het hulle van voor die
poort tot by Seba′rim agter-
volg[a] en hulle op die afdraand
bly doodmaak. Gevolglik het
die hart van die volk begin
smelt en soos water geword.[b]
**6** Hierop het Josua sy man-
tels geskeur en voor die ark van
Jehovah op sy gesig[c] op die aar-
de geval, tot die aand toe, hy
en die ouer manne van Israel,
en hulle het stof op hulle koppe
bly gooi.[d] **7** En Josua het ge-
sê: “Ag, Soewereine Heer Jeho-
vah, waarom het u hierdie volk
die hele pad oor die Jordaan ge-
bring, net om ons in die hand
van die Amoriete te gee sodat
hulle ons kan vernietig? En het
ons tog maar besluit om aan
die oorkant van die Jordaan te
bly![e] **8** Verskoon my, o Jeho-
vah, maar wat kan ek sê na-
dat Israel sy rug voor sy vyande
gedraai het? **9** En die Kanaä-
niete en al die inwoners van die
land sal daarvan hoor, en hul-
le sal ons beslis omsingel en ons
naam van die aarde af uitroei;[f]
en wat sal u vir u groot naam
doen?”[g]
**10** Hierop het Jehovah vir
Josua gesê: “Jy daar, staan op!
Waarom val jy op jou gesig?
**11** Israel het gesondig, en hul-
le het ook my verbond oortree[h]
wat ek hulle beveel het; en hulle
het ook geneem van dit wat aan
vernietiging oorgegee is[i] en het
ook gesteel[j] en dit ook geheim
gehou[k] en het dit ook by hul-
le eie voorwerpe gesit.[l] **12** En
die kinders van Israel sal nie
teen hulle vyande kan opstaan
nie.[m] Hulle sal die rug voor
hulle vyande draai, omdat hul-
le iets geword het wat aan ver-
nietiging oorgegee is. Ek sal nie
weer met julle wees tensy jul-
le dit wat aan vernietiging oor-
gegee is, uit julle midde ver-
delg nie.[n] **13** Staan op! Heilig
die volk,[o] en jy moet sê: ‘Heilig

HFST. 6
a Heb 6:10; Jak 2:25
b 1Kn 16:34
c De 31:6; Jos 1:5; Ro 8:31
d Jos 9:1; Jos 9:9

HFST. 7
e Jos 22:20; 1Kr 2:7
f De 7:26; Jos 6:17
g Jos 6:18
h Ge 12:8; Jos 12:9
i Jos 18:12
j Ge 28:19
k Jos 2:1
l Le 26:17; De 28:25; De 32:30; Jes 30:17; Jes 59:2

Tweede kol.
a De 28:45
b Le 26:36; Jes 13:7
c Nu 16:22; Nu 20:6
d Ne 9:1; Job 2:12
e Jos 3:1
f Ps 83:4
g Eks 32:12; De 32:27; Ps 106:8; Ps 143:11; Ese 20:9
h Eks 24:7; 1Sa 2:25
i Jos 6:17
j Eks 20:15; Jes 61:8; Mt 15:19
k Jer 32:19; Heb 4:13
l Jos 7:21
m Rig 2:14
n De 7:26; Jos 6:18
o Eks 19:10

julle môre, want só het Jeho-
vah, die God van Israel, gesê:
“Daar is iets wat aan vernieti-
ging oorgegee is in jou midde,
o Israel.[a] Jy sal nie teen jou
vyande kan opstaan totdat jul-
le dit wat aan vernietiging oor-
gegee is, uit julle midde verwy-
der het nie. **14** En julle moet
môreoggend stam vir stam ver-
skyn, en die stam wat Jehovah
sal aanwys,[b] sal familie vir fa-
milie nader kom, en die fami-
lie wat Jehovah sal aanwys, sal
huisgesin vir huisgesin nader
kom, en die huisgesin wat Je-
hovah sal aanwys, sal man vir
man nader kom. **15** En die
een wat aangewys word met
dit wat aan vernietiging oorge-
gee is, sal met vuur verbrand
word,[c] hy en alles wat aan hom
behoort, omdat hy die verbond
van Jehovah oortree het[d] en
omdat hy ’n skandelike dwaas-
heid in Israel begaan het.” ’ ”[e]

**16** Toe het Josua die oggend
vroeg opgestaan en Israel stam
vir stam laat nader kom, en
die stam Juda is aangewys.
**17** Daarna het hy die families
van Juda laat nader kom en die
familie van die Seragiete[f] aan-
gewys, waarna hy die familie
van die Seragiete man vir man
laat nader kom het, en Sabdi
is aangewys. **18** Laastens het
hy sy huisgesin man vir man
laat nader kom, en Agan, die
seun van Karmi, die seun van
Sabdi, die seun van Serag, van
die stam Juda, is aangewys.[g]
**19** Toe het Josua vir Agan gesê:
“My seun, gee asseblief eer aan
Jehovah, die God van Israel,[h] en
doen belydenis voor hom,[i] en sê
asseblief vir my:[j] Wat het jy ge-
doen? Moet dit nie vir my weg-
steek nie.”[k]

**20** Hierop het Agan Josua
geantwoord en gesê: “Ek—ek
het inderdaad gesondig teen Je-
hovah, die God van Israel,[a]
en so en so het ek gedoen.
**21** Toe ek ’n mooi ampskleed
uit Si′near[b] tussen die buit sien[c]
en tweehonderd sikkels silwer
en een goudstaaf, waarvan die
gewig vyftig sikkels was, wou
ek dit hê,[d] en ek het dit ge-
neem;[e] en kyk! dit is in die
grond in my tent versteek, met
die geld daaronder.”[f]

**22** Josua het dadelik bood-
skappers gestuur, en hulle het
na die tent gehardloop, en kyk!
dit was in sy tent versteek, met
die geld daaronder. **23** Toe
het hulle dit uit die tent ge-
neem en dit na Josua en al
die kinders van Israel gebring
en dit voor Jehovah uitgestort.
**24** Daarop het Josua, en die
hele Israel saam met hom,
Agan,[g] die seun van Serag, ge-
neem en die silwer en die amps-
kleed en die goudstaaf[h] en sy
seuns en sy dogters en sy bul en
sy esel en sy kudde en sy tent
en alles wat aan hom behoort,
en hulle het hulle na die Agor-
laagvlakte[i] gebring. **25** Toe
het Josua gesê: “Waarom het jy
ons in die ongeluk gestort?[j] Je-
hovah sal jou vandag in die on-
geluk stort.” Daarop het die
hele Israel hom met klippe ge-
gooi,[k] waarna hulle hulle met
vuur verbrand het.[l] So het hul-
le hulle met klippe gestenig.
**26** En hulle het ’n groot hoop
klippe op hom gestapel wat
vandag nog daar is.[m] Hierop het
Jehovah hom van sy brandende
toorn afgewend.[n] Daarom word
dié plek tot vandag toe die
Agorlaagvlakte[o] genoem.

**8** Toe het Jehovah vir Josua
gesê: “Moenie bang of ver-
skrik wees nie.[p] Neem al die
manskappe saam met jou en

HFST. 7
a Jos 6:18
b Spr 16:33
c Jos 1:18; Jos 7:25
d Eks 24:7; Jos 7:11; Rig 2:20
e Rig 20:6; 2Sa 13:12
f Ge 38:30; Nu 26:20; 1Kr 2:4
g 1Sa 14:42; Spr 13:21; Spr 16:33; Jer 2:26; Jon 1:7; Han 5:3
h 2Kr 19:6; Jer 13:16
i Ps 32:5; Ps 51:4; 1Ti 5:24
j 1Sa 14:43; Spr 28:13
k Job 31:33

Tweede kol.
a 1Sa 2:25
b Ge 10:10
c 1Jo 2:16
d Eks 20:17; Lu 12:15; 2Pe 2:14
e Mi 2:2; Jak 1:15
f Ps 10:11; Jes 29:15
g Jos 7:1; Jos 22:20
h Jos 6:19
i Jos 15:7; Jes 65:10; Ho 2:15
j Jos 6:18; 1Kr 2:7
k Le 24:14; Jos 1:18
l Ge 38:24; Le 20:14; Le 21:9; Jos 7:15
m Jos 8:29; Jos 10:27; 2Sa 18:17
n De 13:17
o Jos 15:7; Jes 65:10; Ho 2:15

HFST. 8
p De 1:21; De 7:18; De 31:8; Jos 1:9; Ps 27:1; Jes 12:2; Ro 8:31

staan op, trek op na Ai. Kyk,
ek het die koning van Ai en sy
volk en sy stad en sy land in jou
hand gegee.[a] **2** En jy moet
met Ai en met sy koning doen
net soos jy met Je′rigo en sy ko-
ning gedoen het.[b] Julle mag net
sy buit en sy mak diere vir jul-
le plunder.[c] Stel vir jou ’n hin-
derlaag teen die stad aan sy ag-
terkant op.”[d]

**3** Toe het Josua en al die
manskappe[e] opgestaan om na
Ai op te trek, en Josua het der-
tigduisend man gekies, dapper,
sterk manne,[f] en hulle in die
nag uitgestuur. **4** En hy het
hulle beveel en gesê: “Kyk, jul-
le lê agter die stad in ’n hin-
derlaag[g] teen die stad. Moenie
baie ver van die stad af weg-
gaan nie, en julle moet julle al-
mal gereed hou. **5** Wat my be-
tref en al die manskappe wat
by my is, ons sal tot naby die
stad gaan. En as hulle uittrek
om ons te ontmoet, net soos die
eerste keer,[h] sal ons dan vir hul-
le vlug. **6** En hulle moet ag-
ter ons aan uittrek totdat ons
hulle van die stad af weggelok
het, want hulle sal sê: ‘Hulle
vlug vir ons net soos die eerste
keer.’[i] En ons sal vir hulle vlug.
**7** Júlle sal dan uit die hinder-
laag opstaan, en julle moet die
stad in besit neem; en Jeho-
vah julle God sal dit beslis in jul-
le hand gee.[j] **8** En sodra julle
die stad verower het, moet jul-
le die stad aan die brand steek.[k]
Volgens Jehovah se woord moet
julle handel. Kyk, ek het julle
beveel.”[l]

**9** Daarna het Josua hulle uit-
gestuur, en hulle het na die
plek van die hinderlaag getrek
en stelling ingeneem tussen
Bet-El en Ai, wes van Ai, ter-
wyl Josua daardie nag onder die
manskappe gebly het.

**10** Toe het Josua die oggend
vroeg opgestaan[a] en die man-
skappe geïnspekteer en opge-
trek, hy en die ouer manne van
Israel, voor die manskappe uit
na Ai. **11** En al die manskap-
pe[b] wat by hom was, het opge-
trek, sodat hulle nader kon
gaan en voor die stad kon kom,
en hulle het noord van Ai kamp
opgeslaan, met die vallei tussen
hulle en Ai. **12** Intussen het
hy omtrent vyfduisend man ge-
neem en hulle as ’n hinderlaag
opgestel[c] tussen Bet-El[d] en Ai,
wes van die stad. **13** So het
die manskappe die hoofkamp
wat noord van die stad was[e] en
die uiterste agterhoede daar-
van wat wes van die stad was,[f]
opgestel, en Josua het geduren-
de dié nag tot in die middel van
die laagvlakte getrek.

**14** En toe die koning van Ai
dit sien, het die manne van die
stad haastig geword en vroeg
opgestaan en uitgetrek om Is-
rael in die geveg te ontmoet, hy
en al sy manskappe, op die vas-
gestelde tyd, voor die woestyn-
vlakte. Hy het nie geweet dat
daar agter die stad ’n hinder-
laag teen hom is nie.[g] **15** Toe
Josua en die hele Israel voor
hulle ’n slag toegedien is,[h] het
hulle in die rigting van die wil-
dernis gevlug.[i] **16** Toe is al
die manskappe wat in die stad
was, opgeroep om hulle agter-
na te sit, en hulle het Josua ag-
ternagesit en is van die stad af
weggelok.[j] **17** En daar het nie
’n man in Ai en Bet-El oorge-
bly wat nie agter Israel aan uit-
getrek het nie, sodat hulle die
stad wyd oopgelaat en Israel ag-
ternagesit het.

**18** En Jehovah het vir Josua
gesê: “Steek die werpspies wat
in jou hand is, na Ai toe uit,[k]
want ek sal dit in jou hand

**HFST. 8**
a Jos 2:24, Ps 44:3, Han 7:45
b Jos 6:21
c Job 27:17, Spr 13:22, Pr 2:26
d Spr 20:18
e Jos 8:11
f De 3:18, De 20:8, Heb 11:34
g Rig 20:29, 2Kr 13:13
h Jos 7:5
i Eks 15:9, Jos 8:16
j Jos 2:24, Spr 21:31
k Jos 8:19, Jos 8:28
l Jos 1:9, Jos 1:16

**Tweede kol.**
a Jos 3:1, Jos 6:12
b Jos 8:1, Jos 8:3
c Jos 8:2, Rig 20:29
d Ge 28:19
e Jos 8:5
f Jos 8:4
g Rig 20:34, Spr 14:15
h Rig 20:36
i Jos 8:6, Jos 16:1, Jos 18:12
j Eks 15:9, Rig 20:31, Ps 9:16
k Eks 17:11, Jos 8:7, Jos 8:26

gee.”[a] Gevolglik het Josua die
werpspies wat in sy hand was,
na die stad toe uitgesteek.
**19** En die hinderlaag het gou
van sy plek af opgestaan, en
die oomblik toe hy sy hand uit-
steek, het hulle begin hardloop,
en hulle het in die stad inge-
gaan en dit ingeneem.[b] Toe het
hulle hulle gehaas en die stad
aan die brand gesteek.[c]

**20** En die manne van Ai het
begin omdraai en gekyk, en
daar het die rook van die stad
na die hemel opgestyg, en daar
was in hulle geen vermoë om
hierheen of daarheen te vlug
nie. En die manskappe wat na
die wildernis gevlug het, het
omgedraai teen die agtervol-
gers. **21** En Josua en die hele
Israel het gesien dat die hinder-
laag[d] die stad ingeneem het en
dat die rook van die stad op-
styg, en hulle het omgedraai en
die manne van Ai doodgemaak.
**22** En die ander het uit die stad
getrek om hulle te ontmoet, so-
dat hulle tussen Israel, ’n deel
aan hierdie kant en ’n deel aan
die ander kant, beland het, en
hulle het hulle doodgemaak tot-
dat daar niemand van hulle oor-
gebly het wat dit oorleef het of
ontkom het nie.[e] **23** En hulle
het die koning[f] van Ai lewend
gevang en hom na Josua toe ge-
bring.

**24** En terwyl Israel besig
was om al die inwoners van
Ai in die veld, in die wildernis
waar hulle hulle agtervolg het,
tot die laaste een toe dood te
maak, het hulle almal deur die
skerpte van die swaard bly val
totdat hulle aan hulle einde ge-
kom het. Daarna het die hele
Israel na Ai teruggekeer en
dit met die skerpte van die
swaard geslaan. **25** En die ge-
tal van almal wat daardie dag
geval het, man sowel as vrou,
was twaalfduisend, al die men-
se van Ai. **26** En Josua het
sy hand waarmee hy die werp-
spies uitgesteek het,[a] nie terug-
getrek totdat hy al die inwoners
van Ai aan vernietiging oorge-
gee het nie.[b] **27** Net die mak
diere en die buit van daardie
stad het Israel vir hulle geplun-
der, volgens Jehovah se woord
wat hy Josua beveel het.[c]

**28** Toe het Josua Ai verbrand
en dit ’n puinhoop tot onbepaal-
de tyd gemaak,[d] as ’n woesteny
tot vandag toe. **29** En hy het
die koning van Ai[e] aan ’n paal
gehang, tot die aand toe;[f] en net
voordat die son ondergegaan
het, het Josua die bevel gegee,
en toe het hulle sy lyk van die
paal afgehaal[g] en dit by die in-
gang van die stadspoort ge-
gooi en ’n groot hoop klippe op
hom gestapel wat vandag nog
daar is.

**30** Toe het Josua op die berg
Ebal ’n altaar[h] vir Jehovah, die
God van Israel, gebou,[i] **31** net
soos Moses, die kneg van Je-
hovah, die kinders van Israel
beveel het, soos dit in die
wetboek[j] van Moses geskrywe
staan: “ ’n Altaar van heel klip-
pe, waaroor geen ysterwerk-
tuig geswaai is nie”;[k] en hulle
het daarop brandoffers aan Je-
hovah gebring en gemeenskaps-
offers geoffer.[l]

**32** Toe het hy daar op die
klippe ’n afskrif geskryf[m] van
die wet van Moses wat hy voor
die kinders van Israel geskryf
het.[n] **33** En die hele Israel en
hulle ouer manne[o] en die be-
amptes en hulle regters het
aan weerskante van die Ark ge-
staan, voor die priesters,[p] die
Leviete, wat die ark van die
verbond van Jehovah gedra
het,[q] die inwonende vreemde-

**HFST. 8**
a De 7:24, Jos 1:5
b Jos 8:7
c Jos 8:8, Jos 8:28
d Jos 8:2, Rig 20:29
e Le 27:29, De 7:2
f Jos 8:29, Jos 12:9

**Tweede kol.**
a Eks 17:11, Jos 8:18
b Le 27:29
c Nu 31:26, Jos 8:2, Job 27:17, Spr 13:22, Pr 2:26
d Jos 8:8
e Jos 12:9
f De 21:22
g De 21:23, Jos 10:27
h Eks 20:24
i De 11:29, De 27:5
j De 31:9, Jos 1:8, 2Kr 34:14, Da 9:13, Mal 4:4
k Eks 20:25, De 27:6
l Eks 20:24, De 27:7
m De 27:3, De 27:8, 2Ko 3:3
n Eks 24:4, Eks 34:27
o De 29:10
p De 31:9
q De 31:25

ling sowel as die boorling,[a] die
een helfte van hulle voor die
berg Geri′sim[b] en die ander
helfte van hulle voor die berg
Ebal[c] (net soos Moses, die kneg
van Jehovah, beveel het),[d] om
die volk Israel eers te seën.[e]
**34** En hierna het hy al die
woorde van die wet voorgelees,[f]
die seën[g] en die vloek,[h] volgens
alles wat in die wetboek geskry-
we staan. **35** Daar was nie ’n
woord van alles wat Moses be-
veel het, wat Josua nie voorge-
lees het voor die hele gemeente
van Israel nie,[i] tesame met die
vroue[j] en die kindertjies[k] en die
inwonende vreemdelinge[l] wat
onder hulle gewandel het.

**9** En toe al die konings[m] wat
aan die kant van die Jor-
daan in die bergstreek en in die
Sjefe′la en langs die hele kus
van die Groot See[n] en teenoor
die Li′banon[o] was, die Hetiete[p]
en die Amoriete, die Kanaänie-
te,[q] die Perissiete,[r] die Hewiete
en die Jebusiete,[s] daarvan hoor,
**2** het hulle almal bymekaar be-
gin kom om eendragtig teen Jo-
sua en Israel oorlog te voer.[t]

**3** En die inwoners van Gi′-
beon[u] het gehoor wat Josua
met Je′rigo[v] en Ai[w] gedoen het.
**4** Toe het hulle heeltemal uit
hulle eie met skerpsinnigheid
opgetree[x] en gegaan en padkos
geneem en verslete sakke vir
hulle esels geneem, en verslete
en gebarste en toegebinde wyn-
sakke,[y] **5** en verslete en ge-
lapte sandale aan hulle voete,
en verslete klere aan hulle lyf,
en al die brood van hulle pad-
kos was droog en krummelrig.
**6** Toe het hulle na Josua toe ge-
gaan in die kamp by Gilgal[z] en
vir hom en die manne van Is-
rael gesê: “Ons het uit ’n ver
land gekom. SLUIT dan nou ’n
verbond[a] met ons.” **7** Hierop
het die manne van Israel vir die
Hewiete[b] gesê: “Miskien woon
julle in ons omgewing. Hoe kan
ons dan ’n verbond met julle
sluit?”[c] **8** En hulle het vir Jo-
sua gesê: “Ons is u knegte.”[d]

Toe het Josua vir hulle gesê:
“Wie is julle, en waar kom julle
vandaan?” **9** Hierop het hulle
vir hom gesê: “U knegte het uit
’n baie ver land[e] gekom weens
die naam[f] van Jehovah u God,
want ons het van sy roem ge-
hoor en van alles wat hy in
Egipte gedoen het,[g] **10** en van
alles wat hy met die twee ko-
nings van die Amoriete gedoen
het wat aan die oorkant van
die Jordaan was, naamlik Si-
hon,[h] die koning van Hesbon, en
Og,[i] die koning van Basan, wat
in As′tarot[j] was. **11** Ons ouer
manne en al die inwoners van
ons land het derhalwe vir ons
gesê:[k] ‘Neem padkos vir die reis
in julle hande en gaan hulle te-
gemoet, en julle moet vir hul-
le sê: “Ons is julle knegte.[l] Sluit
dan nou ’n verbond met ons.” ’[m]
**12** Hierdie brood van ons—dit
was warm toe ons dit as ons
padkos uit ons huise geneem
het die dag toe ons uitgegaan
het om hier na julle toe te kom,
en kyk! dit is nou droog en het
krummelrig geword.[n] **13** En
dit is die wynsakke wat ons
nuut volgemaak het, en kyk!
hulle het gebars,[o] en hierdie kle-
re en sandale van ons—hulle
het verslyt weens die baie lang
reis.”

**14** Daarop het die manne
van hulle padkos geneem, en
hulle het die mond van Jehovah
nie geraadpleeg nie.[p] **15** En
Josua het met hulle vrede ge-
maak[q] en met hulle ’n verbond

HFST. 8
a Le 24:22, Nu 15:16
b De 27:12
c De 27:13
d De 11:29
e Spr 10:6
f De 31:9, Ne 8:3
g Le 26:3, De 28:2
h De 27:15, De 28:15, De 29:21
i De 4:2, De 12:32
j De 31:12, Ne 8:2
k De 29:11
l Le 24:22, Nu 15:16

HFST. 9
m Jos 12:7
n Nu 34:6
o De 1:7
p Ge 15:20
q Eks 3:17, Eks 23:23
r De 7:1
s Eks 13:5
t Jos 24:11, Ps 83:4, Ps 83:5
u Jos 10:2, Jos 11:19
v Jos 6:20
w Jos 8:24
x Spr 14:15, Spr 22:3
y Mt 9:17
z Jos 5:10, Jos 10:43

Tweede kol.
a Lu 14:32
b Ge 10:17, Ge 34:2, Eks 3:8
c Eks 23:32, Eks 34:12, De 7:2, De 20:16, De 20:18, Rig 2:2
d 2Kn 10:5
e De 20:15
f 1Kn 8:41, 2Kr 6:32, Spr 18:10
g Eks 9:16, Eks 15:14, Jos 2:10
h Nu 21:21, Nu 21:24, De 2:34
i Nu 21:33, Nu 21:35, De 3:3
j De 1:4, Jos 12:4
k Job 12:12, Job 32:7
l De 20:11
m Jos 9:6
n Jos 9:5
o Jos 9:4, Mr 2:22
p Eks 28:30; Nu 27:21; 1Sa 30:7; Spr 3:5; Spr 3:6;
q Jos 11:19.

gesluit om hulle te laat lewe,
waarop die owerstes[a] van die
vergadering vir hulle gesweer
het.[b]

**16** En na verloop van drie
dae, nadat hulle ’n verbond met
hulle gesluit het, het hulle te
hore gekom dat hulle naby hulle
is en in hulle omgewing woon.
**17** Toe het die kinders van Is-
rael weggetrek en op die der-
de dag by hulle stede gekom, en
hulle stede was Gi′beon[c] en Ke-
fi′ra[d] en Be′ërot[e] en Kir′jat-Jea′-
rim.[f] **18** En die kinders van
Israel het hulle nie verslaan
nie, omdat die owerstes van
die vergadering vir hulle ge-
sweer het[g] by Jehovah, die God
van Israel.[h] En die hele ver-
gadering het teen die owerstes
begin murmureer.[i] **19** Hierop
het al die owerstes vir die hele
vergadering gesê: “Ons het vir
hulle gesweer by Jehovah, die
God van Israel, en nou mag ons
hulle nie kwaad aandoen nie.[j]
**20** Dit sal ons met hulle doen
terwyl ons hulle laat lewe, so-
dat geen verontwaardiging oor
ons sal kom weens die eed wat
ons vir hulle gesweer het nie.”[k]
**21** Toe het die owerstes vir hul-
le gesê: “Laat hulle lewe en
laat hulle houtkappers en wa-
terdraers vir die hele vergade-
ring word,[l] net soos die ower-
stes hulle beloof het.”[m]

**22** Josua het hulle toe laat
roep en met hulle gepraat en ge-
sê: “Waarom het julle ons be-
drieg en gesê: ‘Ons is baie ver
van julle af’,[n] terwyl julle
hier onder ons woon?[o] **23** En
nou is julle vervloekte[p] men-
se, en die posisie van slaaf[q]
en van houtkappers en water-
draers vir die huis van my God
sal nooit van julle weggeneem
word nie.”[r] **24** Toe het hulle
Josua geantwoord en gesê: “Dit
was omdat u knegte onomwon-
de meegedeel is dat Jehovah u
God sy kneg Moses beveel het
om aan julle die hele land te
gee en om al die inwoners van
die land voor julle uit te ver-
delg,[a] en weens julle het ons
baie bang geword ter wille van
ons siel.[b] Daarom het ons hier-
die ding gedoen.[c] **25** En hier
is ons dan nou in u hand. Doen
net soos dit goed en reg is in
u oë om met ons te doen.”[d]
**26** En hy het so met hulle ge-
doen en hulle uit die hand van
die kinders van Israel verlos, en
dié het hulle nie doodgemaak
nie.[e] **27** Toe het Josua hulle
op dié dag houtkappers en wa-
terdraers gemaak[f] vir die ver-
gadering[g] en vir Jehovah se al-
taar, tot vandag toe, op die plek
wat hy sou uitkies.[h]

**10** En toe Ado′ni-Se′dek, die
koning van Jerusalem,
hoor dat Josua Ai ingeneem[i] en
dit toe aan vernietiging oorge-
gee het,[j] dat hy met Ai en sy
koning gedoen het[k] net soos hy
met Je′rigo[l] en sy koning ge-
doen het,[m] en dat die inwo-
ners van Gi′beon met Israel vre-
de gemaak het[n] en onder hulle
bly, **2** het hy baie bang ge-
word,[o] omdat Gi′beon ’n groot
stad was, soos een van die ko-
ninklike stede, en omdat dit
groter was as Ai[p] en al sy man-
ne sterk manne was. **3** Ge-
volglik het Ado′ni-Se′dek, die
koning van Jerusalem,[q] na Ho-
ham, die koning van Hebron,[r]
en na Piram, die koning van
Jarmut,[s] en na Ja′fia, die koning
van Lagis,[t] en na Debir, die ko-
ning van Eglon,[u] gestuur en ge-
sê: **4** “Trek op na my toe en
help my en laat ons Gi′beon ver-

**HFST. 9**

a Nu 34:18; 2Kr 5:2
b 2Sa 21:2
c Jos 10:2; Jos 18:25
d Esr 2:25
e Ne 7:29
f Jos 15:9; Jos 18:14; 1Sa 7:1; 1Kr 13:5
g Nu 30:2; Mt 5:33
h De 6:13
i Eks 22:28; Flp 2:14
j Ps 15:4; Pr 5:4; Pr 5:6
k 2Sa 21:1; Spr 6:17; Spr 8:13; Sag 5:4; Sag 8:17; Mal 3:5
l De 29:11
m Jos 9:15
n Jos 9:6
o Jos 9:16
p Ge 9:25; Ge 9:26
q 1Kn 9:21
r De 29:11; Esr 8:17

**Tweede kol.**

a Eks 23:31; Nu 33:52; De 7:1; De 20:16
b Eks 15:15; De 2:25; De 11:25; Jos 5:1
c Jon 3:9; Ro 3:29; Heb 11:31
d Ge 16:6; Rig 10:15; 2Sa 24:14; Jer 26:14
e Jer 39:18
f 1Kr 9:2; Esr 7:24; Esr 8:17; Ne 3:26; Ne 7:60
g De 29:11; Jos 9:21
h De 12:5; 1Kn 8:29; 2Kr 6:6

**HFST. 10**

i Jos 8:2
j Jos 8:24
k Jos 8:29
l Jos 6:21
m Jos 6:2
n Jos 9:15; Jos 11:19
o Eks 15:16; De 2:25; De 11:25; Jos 2:11; Jos 5:1
p Jos 8:25
q Jos 12:10; Jos 18:28

**r** Ge 23:2; Nu 13:22; **s** Jos 12:11; **t** 2Kn 18:14; **u** Jos 12:12; Jos 15:39.

slaan, want dit het met Josua
en die kinders van Israel vrede
gemaak."[a] **5** Hierop het hulle
bymekaargekom en opgetrek,
vyf konings van die Amoriete:[b]
die koning van Jerusalem, die
koning van Hebron, die koning
van Jarmut, die koning van La-
gis, die koning van Eglon, hulle
en al hulle kampe, en hulle het
teen Gi′beon kamp opgeslaan
en daarteen oorlog gevoer.

**6** Daarop het die manne van
Gi′beon na Josua in die kamp by
Gilgal[c] gestuur en gesê: "Moe-
nie u hand ten opsigte van u sla-
we laat verslap nie.[d] Trek gou
op na ons toe en red ons tog
en help ons, want al die konings
van die Amoriete wat in die
bergstreek woon, het teen ons
saamgekom." **7** Toe het Josua
uit Gilgal opgetrek, hy en al die
manskappe saam met hom[e] en
al die dapper, sterk manne.[f]

**8** Toe het Jehovah vir Josua
gesê: "Moenie vir hulle bang
wees nie,[g] want ek het hul-
le in jou hand gegee.[h] Niemand
van hulle sal teen jou stand-
hou nie."[i] **9** En Josua het hul-
le onverwags aangeval. Hy het
die hele nag deur van Gilgal af
opgetrek. **10** En Jehovah het
hulle in verwarring gebring
voor Israel,[j] en dié het hul-
le met 'n groot slagting by Gi′-
beon[k] begin ombring en hul-
le met die opdraand van
Bet-Horon langs agtervolg en
hulle omgebring tot by Ase′-
ka[l] en Makke′da.[m] **11** En ter-
wyl hulle voor Israel weggevlug
het en op die afdraand van Bet-
Horon was, het Jehovah groot
stene[n] uit die hemel op hulle ge-
werp tot by Ase′ka, sodat hulle
gesterf het. Daar het meer deur
die haelstene gesterf as wat
die kinders van Israel met die
swaard doodgemaak het.

**12** Toe het Josua met Jeho-
vah gepraat op die dag dat Je-
hovah die Amoriete aan die kin-
ders van Israel oorgelewer het,
en hy het voor die oë van Israel
gesê:

> "Son,[a] staan beweginglоos
> bo Gi′beon,[b]
> En maan, bo die laagvlakte
> van A′jalon."[c]

**13** Gevolglik het die son bewe-
gingloos bly staan en die maan
het stilgestaan, totdat die nasie
hom op sy vyande kon wreek.[d]
Staan dit nie geskrywe in die
boek van Jasar nie?[e] En die son
het in die middel van die hemel
bly staan en het hom omtrent 'n
hele dag lank nie gehaas om on-
der te gaan nie.[f] **14** En geen
dag was soos dié een, daarvoor
of daarna, deurdat Jehovah na
die stem van 'n man geluister
het nie,[g] want Jehovah het vir
Israel geveg.[h]

**15** Daarna het Josua en die
hele Israel saam met hom na die
kamp by Gilgal[i] teruggekeer.

**16** Intussen het hierdie vyf
konings gevlug[j] en in die
grot by Makke′da[k] weggekruip.
**17** Toe is daar aan Josua berig
gebring en gesê: "Die vyf ko-
nings is gevind waar hulle in die
grot by Makke′da wegkruip."[l]
**18** Daarop het Josua gesê: "ROL
groot klippe voor die opening
van die grot en stel manne daar-
oor aan om hulle te bewaak.
**19** Wat julle betref, moenie stil-
staan nie. Sit julle vyande ag-
terna, en julle moet op hulle ag-
terhoede toeslaan.[m] Moet hulle
nie toelaat om in hulle stede in
te gaan nie, want Jehovah julle
God het hulle in julle hand ge-
gee."[n]

**20** En toe Josua en die kin-
ders van Israel hulle met 'n
baie groot slagting klaar omge-
bring het, totdat hulle aan hulle

**HFST. 10**
a Jos 9:15; Jos 11:19
b Ge 15:16
c Jos 5:10; Jos 9:6
d Jos 9:15; Jos 9:25
e Jos 8:1
f Jos 8:3
g De 3:2; De 20:1
h De 7:24; Jos 11:6
i Jos 1:5
j Ps 44:3; Ps 78:55
k Jes 28:21
l Jos 15:35
m Jos 15:41
n Job 38:22; Ps 18:13; Ps 148:8; Jes 30:30

**Tweede kol.**
a Ge 1:16; 2Kn 20:10; Ps 135:6; Jes 38:8
b Jes 28:21
c Jos 19:42
d Jos 21:44
e 2Sa 1:18
f Ps 74:16; Ps 135:6; Ps 136:8; Mt 19:26
g De 9:19; 1Kn 17:22; Ps 113:6; Jak 5:16
h Eks 14:14; De 1:30; De 3:22; Jos 23:3; Ps 33:20; Jes 42:13; Sag 14:3
i Jos 5:10; Jos 9:6
j Ps 48:5
k Jos 10:10
l Jos 10:28; Ps 139:7; Am 9:3
m De 28:7
n Le 26:8; Ne 9:24

einde gekom het,[a] en dié van
hulle wat dit wel oorleef het,
ontvlug het en in die versterkte
stede ingegaan het,[b] **21** het al
die manskappe in vrede na die
kamp, na Josua, by Makke′da
begin terugkeer. Niemand het
sy tong gretig teen die kinders
van Israel geroer nie.[c] **22** Toe
het Josua gesê: “MAAK OOP die
opening van die grot en bring
hierdie vyf konings uit die grot
uit na my toe.” **23** Daarop het
hulle dit gedoen en hierdie vyf
konings uit die grot uit na hom
toe gebring: die koning van Je-
rusalem,[d] die koning van He-
bron,[e] die koning van Jarmut,
die koning van Lagis,[f] die ko-
ning van Eglon.[g] **24** En on-
middellik nadat hulle hierdie
konings na Josua toe uitge-
bring het, het Josua al die man-
ne van Israel geroep en vir die
aanvoerders van die krygsman-
ne wat saam met hom getrek
het, gesê: “Kom nader. Sit julle
voete op die agterkant van die
nekke van hierdie konings.”[h]
Toe het hulle nader gekom en
hulle voete op die agterkant
van hulle nekke gesit.[i] **25** En
Josua het vir hulle gesê: “Moe-
nie bang of verskrik wees nie.[j]
Wees moedig en sterk, want
so sal Jehovah doen met al jul-
le vyande teen wie julle oorlog
voer.”[k]

**26** En daarna het Josua hul-
le neergeslaan en hulle doodge-
maak en hulle aan vyf pale ge-
hang, en hulle het tot die aand
toe aan die pale bly hang.[l]
**27** En teen sonsondergang het
Josua bevel gegee, en hulle het
hulle van die pale afgehaal[m]
en hulle in die grot gegooi waar
hulle weggekruip het. Toe het
hulle groot klippe voor die ope-
ning van die grot gesit—wat
vandag nog daar is.

**28** En Josua het Makke′da[a]
op daardie dag ingeneem en dit
met die skerpte van die swaard
geslaan. Wat sy koning betref,
hy het hom en elke siel wat
daarin was, aan vernietiging
oorgegee.[b] Hy het geen oorle-
wende laat oorbly nie. So het hy
met die koning van Makke′da[c]
gedoen net soos hy met die ko-
ning van Je′rigo gedoen het.

**29** Toe het Josua en die hele
Israel saam met hom van Mak-
ke′da af verder getrek na Lib-
na en teen Libna oorlog ge-
voer.[d] **30** En Jehovah het ook
dié stad en sy koning in Is-
rael se hand gegee, en hulle het
dit en elke siel wat daarin was,
met die skerpte van die swaard
geslaan. Hulle het nie ’n oorle-
wende daarin laat oorbly nie. So
het hulle met sy koning gedoen
net soos hulle met die koning
van Jerigo gedoen het.[e]

**31** Daarna het Josua en die
hele Israel saam met hom van
Libna af verder getrek na La-
gis[f] en daarteen kamp opge-
slaan en daarteen oorlog ge-
voer. **32** En Jehovah het Lagis
in Israel se hand gegee sodat
hulle dit op die tweede dag in-
geneem het, en hulle het dit en
elke siel wat daarin was, met
die skerpte van die swaard ge-
slaan,[g] volgens alles wat hulle
met Libna gedoen het.

**33** Toe het Horam, die ko-
ning van Geser,[h] opgetrek om
Lagis te help. En Josua het hom
en sy volk verslaan totdat hy
van hom nie ’n oorlewende laat
oorbly het nie.[i]

**34** Toe het Josua en die he-
le Israel saam met hom van
Lagis af verder getrek na Eg-
lon[j] en daarteen kamp opge-
slaan en daarteen oorlog ge-
voer. **35** En hulle het dit op
daardie dag ingeneem en dit

**HFST. 10**
a Jos 8:24
b 2Sa 20:6
c Eks 11:7
d Jos 10:3; Jos 12:10
e Jos 15:13
f Jos 12:11
g Jos 10:5; Jos 12:12
h Ge 49:8; 2Sa 22:41; Ps 18:40
i Eks 23:27; De 33:29; Ps 110:1
j De 1:29; De 31:6; Jos 1:9; Ps 27:14
k De 3:21; De 7:19
l De 21:22
m De 21:23; Jos 8:29

**Tweede kol.**
a Jos 10:10; Jos 12:16; Jos 15:41
b Le 27:29; De 20:16; Ps 21:8
c Jos 12:16
d Jos 12:15; Jos 15:42; Jos 21:13
e Jos 6:21; Jos 8:2; Jos 8:29
f Jos 10:3; Jos 12:11; Jos 15:39
g De 7:2; De 20:16
h Jos 12:12; Jos 16:10; Jos 21:21; Rig 1:29; 1Kn 9:16
i Le 27:29
j Jos 10:3; Jos 12:12; Jos 15:39

met die skerpte van die swaard
begin slaan, en hulle het elke
siel wat daarin was, op daardie
dag aan vernietiging oorgegee,
volgens alles wat hulle met La-
gis gedoen het.[a]
**36** Toe het Josua en die hele
Israel saam met hom van Eglon
af na Hebron[b] opgetrek en daar-
teen begin oorlog voer. **37** En
hulle het dit ingeneem en dit
met sy koning en al sy stede
en elke siel wat daarin was, met
die skerpte van die swaard ge-
slaan. Hy het nie 'n oorlewen-
de laat oorbly nie, volgens alles
wat hy met Eglon gedoen het.
So het hy dit en elke siel wat
daarin was, aan vernietiging
oorgegee.[c]
**38** Laastens het Josua en die
hele Israel saam met hom na
Debir[d] teruggekom en daarteen
begin oorlog voer. **39** En hy
het dit en sy koning en al sy ste-
de verower, en hulle het hulle
met die skerpte van die swaard
geslaan en elke siel wat daar-
in was, aan vernietiging oorge-
gee.[e] Hy het nie 'n oorlewende
laat oorbly nie.[f] Net soos hy met
Hebron gedoen het, so het hy
met Debir en sy koning gedoen,
en net soos hy met Libna en sy
koning gedoen het.[g]
**40** En Josua het die hele land
van die bergstreek[h] en die Ne-
geb[i] en die Sjefe'la[j] en die han-
ge[k] en al hulle konings ver-
slaan. Hy het nie 'n oorlewende
laat oorbly nie, en alles wat
asemhaal,[l] het hy aan vernie-
tiging oorgegee,[m] net soos Je-
hovah, die God van Israel, be-
veel het.[n] **41** En Josua het
hulle van Ka'des-Barne'a[o] af tot
by Gasa[p] verslaan, en die hele
land Gosen[q] en tot by Gi'beon.[r]
**42** En Josua het al hierdie ko-
nings en hulle land in een slag
verower,[s] want dit was Jeho-
vah, die God van Israel, wat vir
Israel geveg het.[a] **43** Daarna
het Josua en die hele Israel
saam met hom na die kamp by
Gilgal teruggekeer.[b]

# 11

En toe Jabin, die koning
van Hasor, daarvan hoor,
het hy gestuur na Jobab, die
koning van Madon,[c] en na die
koning van Simron en die ko-
ning van Agsaf,[d] **2** en na die
konings wat in die noorde in die
bergstreek en in die woestyn-
vlaktes suid van Kinne'ret[e] en
in die Sjefe'la[f] en op die berg-
rûens van Dor[g] in die weste
was, **3** die Kanaäniete[h] in die
ooste en die weste, en die Amo-
riete[i] en die Hetiete[j] en die
Perissiete[k] en die Jebusiete[l] in
die bergstreek en die Hewie-
te[m] aan die voet van Hermon[n]
in die land Mispa.[o] **4** Toe het
hulle uitgetrek, hulle en al hul-
le kampe saam met hulle, 'n tal-
ryke volk, so baie soos die sand-
korrels wat aan die seestrand
is,[p] en 'n baie groot aantal per-
de[q] en strydwaens. **5** Toe het
al hierdie konings volgens af-
spraak byeengekom en saam
by die waters van Merom gaan
kamp opslaan om teen Israel te
veg.[r]
**6** Hierop het Jehovah vir Jo-
sua gesê: "Moenie vir hulle bang
wees nie,[s] want môre omstreeks
hierdie tyd lewer ek hulle almal
gesneuweld aan Israel oor. Hul-
le perde se hakskeensenings sal
jy afsny[t] en hulle strydwaens
sal jy met vuur verbrand."[u]
**7** En Josua en al die manskap-
pe saam met hom het hulle on-
verwags aangeval langs die wa-
ters van Merom en hulle oorval.
**8** Toe het Jehovah hulle in Is-
rael se hand gegee,[v] en hulle
het hulle verslaan en hulle tot

**HFST. 10**
a De 20:16; Jos 10:32
b Ge 13:18; Ge 23:19; Nu 13:22; Jos 10:3; Jos 14:13; Jos 15:13; Jos 21:13; Rig 1:10
c Le 27:29; Jos 6:21
d Jos 12:13; Jos 15:15; Rig 1:11
e De 7:2; De 20:16
f Jos 11:14
g Jos 10:30; Jos 10:32
h De 1:7
i Ge 20:1
j Jos 9:1; Jos 15:33; Rig 1:9
k Jos 12:8
l De 20:16; Jos 11:14
m Le 27:29
n De 7:2; De 9:5
o Nu 34:4; De 9:23; Jos 15:3
p Ge 10:19; De 2:23
q Jos 11:16; Jos 15:51
r Jos 11:19
s Jos 11:18

**Tweede kol.**
a Eks 14:14; De 1:30; De 3:22
b Jos 4:19

**HFST. 11**
c Jos 12:19
d Jos 12:20
e Nu 34:11
f Jos 10:40
g Jos 12:23; Jos 17:11; Rig 1:27
h De 20:17
i Ge 15:16; Am 2:9
j De 7:1
k Eks 3:8
l Nu 13:29
m Rig 3:3
n De 4:48; Jos 13:11
o Jos 11:8
p 1Sa 13:5
q Ps 33:17; Spr 21:31
r Ps 3:6; Ps 118:10
s Jos 10:8; Ps 27:1; Ps 46:1
t De 17:16; Jos 11:9; 2Sa 8:4
u Ps 20:7; Jes 31:1

v Jos 21:44; Jos 23:10; Ne 9:24.

by die volkryke Sidon[a] en Mis′-
refot-Ma′im[b] en die valleivlakte
van Mispe[c] in die ooste agter-
volg; en hulle het hulle verslaan
totdat hulle van hulle nie ’n
oorlewende laat oorbly het nie.[d]
**9** Daarna het Josua met hulle
gedoen net soos Jehovah vir
hom gesê het: hulle perde se
hakskeensenings het hy afge-
sny[e] en hulle strydwaens het hy
met vuur verbrand.[f]

**10** Wat meer is, Josua het in
dié tyd[g] omgedraai en Hasor[h]
ingeneem; en sy koning het hy
met die swaard doodgemaak,[i]
want Hasor was tevore die
hoof van al hierdie koninkryke.
**11** En hulle het elke siel wat
daarin was, met die skerpte van
die swaard geslaan en hulle aan
vernietiging oorgegee.[j] Hoege-
naamd niks wat asemhaal, het
oorgebly nie,[k] en hy het Hasor
met vuur verbrand. **12** En Jo-
sua het al die stede van hier-
die konings en al hulle konings
verower en hulle met die skerp-
te van die swaard geslaan.[l] Hy
het hulle aan vernietiging oor-
gegee,[m] net soos Moses, die
kneg van Jehovah, beveel het.[n]
**13** Net al die stede wat op hul-
le eie heuwels gelê het, het Is-
rael nie verbrand nie, behalwe
Hasor alleen, wat Josua wel ver-
brand het. **14** En al die buit
van hierdie stede en die mak
diere het die kinders van Israel
vir hulle geplunder.[o] Dit was
net al die mense wat hulle met
die skerpte van die swaard ge-
slaan het totdat hulle hulle ver-
delg het.[p] Hulle het niemand
wat asemhaal, laat oorbly nie.[q]
**15** Net soos Jehovah sy kneg
Moses beveel het, so het Mo-
ses Josua beveel,[r] en so het Jo-
sua gedoen. Hy het nie ’n woord
weggeneem van alles wat Jeho-
vah Moses beveel het nie.[s]

**16** En Josua het hierdie hele
land geneem, die bergstreek en
die hele Negeb[a] en die hele land
Gosen[b] en die Sjefe′la[c] en die
A′raba[d] en die bergstreek van
Israel en sy Sjefe′la,[e] **17** van
die berg Halak[f] af, wat oploop
na Seïr,[g] en tot by Baäl-Gad[h] in
die valleivlakte van die Li′ba-
non aan die voet van die berg
Hermon,[i] en hy het al hulle ko-
nings gevange geneem en hulle
verslaan en hulle doodgemaak.[j]
**18** Baie dae lank het Josua teen
al hierdie konings oorlog ge-
voer. **19** Daar was geen stad
wat met die kinders van Is-
rael vrede gemaak het nie, be-
halwe die Hewiete[k] wat in Gi′-
beon gewoon het.[l] Al die ander
het hulle deur oorlog geneem.[m]
**20** Want Jehovah se weg was
om hulle hart wederstrewig te
laat word,[n] sodat hulle teen Is-
rael oorlog sou verklaar, dat
hy hulle aan vernietiging kon
oorgee, sodat hulle geen gunsti-
ge oorweging sou ontvang nie,[o]
maar dat hy hulle kon verdelg,
net soos Jehovah Moses beveel
het.[p]

**21** Verder het Josua in dié
tyd gegaan en die Enakiete[q]
uitgeroei uit die bergstreek, uit
Hebron, uit Debir, uit Anab[r]
en uit die hele bergstreek van
Juda en uit die hele bergstreek
van Israel.[s] Saam met hulle ste-
de het Josua hulle aan vernieti-
ging oorgegee.[t] **22** Nie een
van die Enakiete het in die land
van die kinders van Israel oor-
gebly nie. Net in Gasa,[u] in Gat[v]
en in Asdod[w] het hulle oorge-
bly.[x] **23** So het Josua die hele
land geneem, volgens alles wat
Jehovah Moses beloof het,[y] en
Josua het dit toe as ’n erfdeel
aan Israel gegee volgens hulle

**HFST. 11**

a Ge 10:19; Jos 19:28
b Jos 13:6
c Jos 11:3
d De 20:16
e De 17:16; Jos 11:6
f Jes 31:1
g Jos 11:18
h Jos 19:36
i Jos 12:19; Ps 136:17
j Le 27:29; Jos 11:14
k De 20:16; Jos 10:40
l De 9:5
m De 7:16; Jos 11:20
n Nu 33:52; De 7:2; Jos 9:24
o Nu 31:23; De 20:16; Jos 8:2; Jos 8:27
p De 7:2
q De 20:16
r De 3:28; De 4:5; De 7:1; De 31:7
s De 4:2; De 12:32; Ps 119:4

**Tweede kol.**

a Nu 13:17; De 1:7; Jos 10:40; Jos 12:8
b Jos 10:41; Jos 15:51
c Rig 1:9
d De 3:17; Jos 12:1; Jos 12:8; Jos 18:18
e Jos 9:1
f Jos 12:7
g Ge 32:3; De 2:1
h Jos 13:5
i De 4:48; Jos 13:11
j De 7:24; Ps 136:18
k Jos 9:7
l Jos 9:15; Jos 10:4
m De 20:17
n De 2:30; Ro 9:18
o Eks 34:12; De 7:2
p De 20:16; Jos 11:14
q Nu 13:22; De 1:28; Jos 15:13
r Jos 15:50
s Jos 11:16
t Le 27:29; Jos 11:12; Jos 24:11
u Jos 10:41; Rig 1:18
v 1Sa 17:4
w Jos 15:46; 2Kr 26:6; Ne 13:23; x Eks 23:29; Eks 23:30; Ps 105:44; y Eks 23:27; Nu 34:2; De 11:23.

dele, volgens hulle stamme.[a] En
die land het rus gehad van oor-
log.[b]

**12** En dít is die konings van
die land wat die kinders
van Israel verslaan het en wie
se land hulle toe in besit ge-
neem het aan die kant van die
Jordaan teen die sonsopgang,[c]
van die Arnonstroomvallei[d] af
tot by die berg Hermon[e] en
die hele A′raba[f] teen die sons-
opgang: **2** Sihon,[g] die koning
van die Amoriete, wat in Hes-
bon[h] gewoon het en geheers het
van A′roër[i] af, wat aan die oe-
wer van die Arnonstroomvallei[j]
gelê het, en oor die middel van
die stroomvallei en oor die helf-
te van Gi′lead tot by die Jab-
bokstroomvallei,[k] die grens van
die kinders van Ammon, **3** en
oor die A′raba[l] tot by die Kin-
ne′retsee[m] na die ooste en tot
by die see van die A′raba, die
Soutsee,[n] aan die oostekant in
die rigting van Bet-Je′simot,[o]
en suidwaarts onder die hange
van Pisga.[p]

**4** En die gebied van Og,[q] die
koning van Basan, een van díe
wat oorgebly het van die Refa-
iete,[r] wat in As′tarot[s] en Edre′ï[t]
gewoon het, **5** en wat geheers
het in die gebied van die berg
Hermon[u] en in Salka en in die
hele Basan,[v] tot by die grens
van die Gesuriete[w] en die Maä-
gatiete,[x] en die helfte van Gi′-
lead, tot die gebied van Sihon,[y]
die koning van Hesbon.[z]

**6** Dit was Moses, die kneg
van Jehovah, en die kinders
van Israel wat hulle verslaan
het,[a] waarna Moses, die kneg
van Jehovah, dit aan die Ru-
beniete[b] en die Gadiete[c] en die
helfte van die stam van Manas′-
se[d] as ’n besitting gegee het.

**7** En dít is die konings van
die land wat Josua en die kin-
ders van Israel verslaan het aan
die kant van die Jordaan na die
weste, van Baäl-Gad[a] af in die
valleivlakte van die Li′banon[b]
en tot by die berg Halak,[c] wat
oploop na Seïr,[d] waarna Josua
dit aan die stamme van Israel
as ’n besitting gegee het vol-
gens hulle dele,[e] **8** in die berg-
streek en in die Sjefe′la en in
die A′raba en teen die hange en
in die wildernis en in die Negeb[f]
—die Hetiete, die Amoriete[g] en
die Kanaäniete, die Perissiete,
die Hewiete en die Jebusiete:[h]

**9** Die koning van Je′rigo,[i]
een; die koning van Ai,[j]
wat langs Bet-El gelê
het, een;
**10** die koning van Jerusa-
lem,[k] een; die koning
van Hebron,[l] een;
**11** die koning van Jarmut,[m]
een; die koning van La-
gis,[n] een;
**12** die koning van Eglon,[o]
een; die koning van Ge-
ser,[p] een;
**13** die koning van Debir,[q]
een; die koning van Ge-
der, een;
**14** die koning van Horma,
een; die koning van
Arad, een;
**15** die koning van Libna,[r]
een; die koning van
Adul′lam, een;
**16** die koning van Makke′-
da,[s] een; die koning van
Bet-El,[t] een;
**17** die koning van Tappu′ag,
een; die koning van He-
fer,[u] een;
**18** die koning van Afek, een;
die koning van Lassa′-
ron, een;
**19** die koning van Madon,[v]
een; die koning van Ha-
sor,[w] een;

**HFST. 11**
a Nu 26:53, Jos 14:1, Jos 15:1, Jos 16:1, Jos 17:1
b Jos 14:15, Jos 21:44, Jos 23:1, Ps 29:11, Spr 16:7

**HFST. 12**
c De 4:47, Jos 1:15
d Nu 21:24, De 2:24
e De 3:8, De 4:48
f De 4:49
g Nu 21:23, Ne 9:22
h De 2:26
i De 3:12, Rig 11:26
j Nu 21:13, Jos 13:9
k Rig 11:13
l De 3:17
m Joh 6:1
n Jos 3:16
o Jos 13:20
p De 3:27
q Nu 21:33, De 3:1
r De 3:11, Jos 13:12
s De 1:4
t De 3:10
u Jos 12:1
v De 29:7, Jos 9:10
w De 3:14
x Jos 13:13
y Jos 12:2
z Nu 21:26, De 3:6
a Nu 21:24, Nu 21:35
b De 3:12
c Nu 32:33
d De 3:13

**Tweede kol.**
a Jos 13:5
b Jos 1:4
c Jos 11:17
d De 2:12
e Jos 11:23
f Jos 10:40, Jos 11:16
g Ge 15:16, Eks 3:8, Ps 136:19
h Eks 23:23, De 7:1
i Jos 6:2
j Jos 8:29
k Jos 10:1
l Jos 10:23
m Jos 10:3
n Jos 10:23
o Jos 10:23
p Jos 10:33
q Jos 10:38
r Jos 10:29
s Jos 10:28
t Jos 8:17, Rig 1:22

u 1Kn 4:10; v Jos 11:1; w Jos 11:10.

**20** die koning van Simron-
Meron, een; die koning
van Agsaf,[a] een;
**21** die koning van Ta′änag,
een; die koning van Me-
gid′do,[b] een;
**22** die koning van Kedes,
een; die koning van
Jok′neam[c] by die Kar-
mel, een;
**23** die koning van Dor op die
bergrug van Dor,[d] een;
die koning van Gojim
in Gilgal, een;
**24** die koning van Tirsa, een;
altesaam een-en-dertig ko-
nings.[e]

**13** En Josua was oud, gevor-
derd in jare.[f] Toe het Je-
hovah vir hom gesê: "Jy het oud
geword en is gevorderd in jare,
en daar bly nog ’n baie groot
deel van die land oor wat in be-
sit geneem moet word.[g] **2** Dít
is die land wat nog oorbly:[h]
al die streke van die Filisty-
ne[i] en al die Gesuriete[j] **3** (van
die tak van die Nyl af wat voor
Egipte is en tot by die grens
van Ekron in die noorde[k] is
voorheen beskou as streke wat
aan die Kanaäniete behoort);[l]
vyf spilvorste[m] van die Filisty-
ne, die Gasiete[n] en die Asdo-
diete,[o] die Askeloniete,[p] die Git-
tiete[q] en die Ekroniete;[r] en die
Awwiete.[s] **4** In die suide die
hele land van die Kanaäniete;
en Me′ara, wat aan die Sido-
niërs[t] behoort, tot by Afek, tot
by die grens van die Amoriete;
**5** en die land van die Gebalie-
te[u] en die hele Li′banon teen die
sonsopgang, van Baäl-Gad[v] aan
die voet van die berg Hermon
af tot by die ingang van Ha-
mat;[w] **6** al die bewoners van
die bergstreek, van die Li′ba-
non[x] af tot Mis′refot-Ma′im,[y] al
die Sidoniërs;[z] ek sal hulle voor
die kinders van Israel uit hulle
besitting verdryf.[a] Sorg net dat
dit Israel as erfdeel toeval, net
soos ek jou beveel het.[b] **7** En
verdeel nou hierdie land as erf-
deel onder die nege stamme en
die halwe stam van Manas′se."[c]

**8** Saam met die ander halwe
stam het die Rubeniete en die
Gadiete hulle erfdeel geneem
wat Moses aan die kant van die
Jordaan na die ooste aan hulle
gegee het, net soos Moses, die
kneg van Jehovah, aan hulle ge-
gee het:[d] **9** van A′roër[e] af, wat
aan die oewer van die Arnon-
stroomvallei[f] lê, en die stad wat
in die middel van die stroom-
vallei lê, en die hele hoogvlak-
te van Mede′ba[g] tot by Dibon;[h]
**10** en al die stede van Sihon, die
koning van die Amoriete, wat
in Hesbon regeer het, tot by die
grens van die kinders van Am-
mon;[i] **11** en Gi′lead en die ge-
bied van die Gesuriete[j] en die
Maägatiete en die hele berg
Hermon[k] en die hele Basan[l] tot
by Salka;[m] **12** die hele konink-
like gebied van Og[n] in Basan,
wat in As′tarot en in Edre′ï re-
geer het[o]—hy het oorgebly van
wat oor was van die Refaïete[p]—
en Moses het hulle verslaan en
hulle uit hulle besitting ver-
dryf.[q] **13** En die kinders van
Israel het nie die Gesuriete en
die Maägatiete uit hulle besit-
ting verdryf nie,[r] maar Gesur[s]
en Ma′ägat woon nog tot van-
dag toe onder Israel.

**14** Net aan die stam van die
Leviete het hy nie ’n erfdeel ge-
gee nie.[t] Die vuuroffers[u] van Je-
hovah, die God van Israel, is
hulle erfdeel,[v] net soos hy hulle
beloof het.[w]

**15** Toe het Moses aan die
stam van die kinders van Ru-
ben ’n deel geskenk volgens
hulle families, **16** en die ge-
bied het hulle s’n geword van
A′roër[x] af, wat aan die oewer

**HFST. 12**
a Jos 11:1
b 1Kr 7:29
c Jos 21:34
d Jos 11:2
e De 28:1

**HFST. 13**
f Jos 23:1 Jos 24:29
g Jos 12:7
h Eks 23:29
i Eks 23:31 Sef 2:5
j 1Sa 27:8
k Jos 15:11
l Ge 10:19
m Rig 3:3 1Sa 6:4
n Jos 10:41
o Jos 15:46
p Rig 14:19
q 2Sa 21:19
r 1Sa 5:10
s De 2:23
t Rig 1:31
u 1Kn 5:18 Ese 27:9
v Jos 11:17
w Nu 34:8
x De 3:25
y Jos 11:8
z Rig 3:3

**Tweede kol.**
a Eks 23:30
b Nu 34:17 Jos 14:1
c Nu 33:54
d Nu 32:33 Jos 22:4
e De 3:12 Jos 12:2
f Nu 21:13
g Nu 21:30
h Nu 32:3
i Nu 21:24
j De 3:14 Jos 12:5
k De 4:48
l Jos 17:1
m 1Kr 5:11
n De 3:10
o Jos 12:4
p De 3:11
q Nu 21:24 Nu 21:35
r Nu 33:55 Jos 23:12
s De 3:14
t Nu 18:20 De 10:9 De 12:12 Jos 14:3
u Le 7:33 1Ko 9:13
v Le 7:35 De 18:1
w Nu 18:24 Jos 21:45
x De 3:12 Jos 12:2

van die Arnonstroomvallei lê,
en die stad wat in die middel
van die stroomvallei lê, en die
hele hoogvlakte by Mede′ba;[a]
**17** Hesbon[b] en al sy stede[c] wat
op die hoogvlakte lê, Dibon[d]
en Bamot-Baäl[e] en Bet-Baäl-
Meon,[f] **18** en Jahas[g] en Kede′-
mot[h] en Mefa′ät,[i] **19** en Kirja-
ta′im[j] en Sibma[k] en Seret-Sahar
op die berg van die laagvlak-
te, **20** en Bet-Peor en die han-
ge van Pisga[l] en Bet-Je′simot,[m]
**21** en al die stede van die hoog-
vlakte[n] en die hele koninklike
gebied van Sihon, die koning
van die Amoriete, wat in Hes-
bon regeer het[o] en wat deur Mo-
ses verslaan is,[p] saam met die
owerstes van Mi′dian, Ewi en
Rekem en Sur en Hur en Reba,[q]
die hertoë van Sihon, wat in die
land gewoon het. **22** En Bi′le-
am, die seun van Beor,[r] die
waarsêer,[s] was een wat saam
met hulle gesneuweldes deur
die kinders van Israel met die
swaard doodgemaak is. **23** En
die Jordaan het die grens van
die kinders van Ruben geword;
en as gebied was dit die erfdeel
van die kinders van Ruben[t] vol-
gens hulle families, met die ste-
de en hulle nedersettings.

**24** Verder het Moses aan die
stam Gad, die kinders van Gad,
’n deel geskenk volgens hul-
le families,[u] **25** en Jaser[v] het
hulle gebied geword en al die
stede van Gi′lead[w] en die helf-
te van die land van die kinders
van Ammon[x] tot by A′roër,[y]
wat teenoor Rabba[z] lê; **26** en
van Hesbon[a] af tot Ramat-Mis-
pe en Be′tonim en van Maha-
na′im[b] af tot die grens van
Debir;[c] **27** en in die Bet-Ha-
ram-laagvlakte[d] en Bet-Nimra[e]
en Sukkot[f] en Safon, die res
van die koninklike gebied van
Sihon, die koning van Hesbon,[g]
met die Jordaan as die grens tot
by die verste punt van die Kin-
ne′retsee[a] aan die kant van die
Jordaan na die ooste. **28** Dit
was die erfdeel van die kinders
van Gad[b] volgens hulle fami-
lies, met die stede en hulle ne-
dersettings.

**29** Verder het Moses aan die
halwe stam van Manas′se ’n
deel geskenk, en dit het die hal-
we stam van die kinders van
Manas′se s’n geword volgens
hulle families.[c] **30** En van Ma-
hana′im[d] af het die hele Basan
hulle gebied geword, die hele
koninklike gebied van Og, die
koning van Basan,[e] en al die
tentdorpe van Jaïr[f] wat in Ba-
san is, sestig stede. **31** En die
helfte van Gi′lead, en As′tarot[g]
en Edre′ï,[h] die stede van die ko-
ninklike gebied van Og in Ba-
san, het gegaan na die kinders
van Magir,[i] die seun van Ma-
nas′se, na die helfte van die kin-
ders van Magir volgens hulle fa-
milies.

**32** Dit is wat Moses hulle in
die woestynvlaktes van Moab
aan die kant van die Jordaan, by
Je′rigo, na die ooste, laat beërf
het.[j]

**33** En aan die stam van die
Leviete het Moses nie ’n erfdeel
gegee nie.[k] Jehovah, die God
van Israel, is hulle erfdeel, net
soos hy hulle beloof het.[l]

**14** En dit is wat die kinders
van Israel as erfbesitting
in die land Kanaän geneem
het,[m] wat Elea′sar, die priester,
en Josua, die seun van Nun,
en die hoofde van die vaderhui-
se van die stamme van die kin-
ders van Israel hulle laat beërf
het.[n] **2** Hulle erfdeel is deur
die lot toegewys,[o] net soos Jeho-
vah deur middel van Moses met
betrekking tot die nege stamme

**HFST. 13**
a Jos 13:9
b Nu 21:26
c Nu 21:25
d Nu 32:3
e Nu 21:20
f Nu 32:38
g Nu 21:23
h De 2:26
i Jos 21:37
j Nu 32:37
k Nu 32:38
l De 3:17; Jos 12:3
m Nu 33:49
n De 3:10
o Nu 21:25
p De 2:30; Ps 135:10
q Nu 31:8
r Nu 22:5; 2Pe 2:15
s Nu 22:7; De 18:10
t Nu 32:33
u De 3:12
v Nu 32:35
w Nu 32:26
x Jos 12:2; Rig 11:13
y De 2:36; Rig 11:26
z De 3:11; 2Sa 11:1
a Nu 21:26
b Ge 32:2; Jos 21:38
c 2Sa 9:5; 2Sa 17:27
d Nu 32:36
e Nu 32:36
f Ge 33:17; Rig 8:5; 1Kn 7:46; Ps 60:6
g Nu 21:26

**Tweede kol.**
a Nu 34:11; De 3:17; Joh 6:1
b De 3:16
c De 3:13
d 1Kr 6:80
e Nu 32:33
f Nu 32:41; De 3:14
g Jos 12:4
h Nu 21:33
i Nu 32:39
j Nu 32:33; De 3:12
k De 10:9; Jos 13:14; Jos 18:7
l Nu 18:24; Nu 26:62; De 18:1; Jos 14:3

**HFST. 14**
m Nu 34:2
n Nu 34:17; Jos 19:51

o Nu 26:55; Nu 33:54; Ne 11:1; Spr 16:33; Han 13:19.

en die halwe stam beveel het.[a]
**3** Want Moses het die erfdeel
van die ander twee stamme en
die ander halwe stam aan die
oorkant van die Jordaan gegee;[b]
en aan die Leviete het hy nie ’n
erfdeel onder hulle gegee nie.[c]
**4** Want die kinders van Josef
het twee stamme geword,[d] Ma-
nas′se[e] en E′fraim;[f] en hulle het
nie aan die Leviete ’n aandeel in
die land gegee nie, behalwe ste-
de[g] om in te woon en hulle
weivelde vir hulle vee en hulle
eiendom.[h] **5** Net soos Jehovah
Moses beveel het, so het die kin-
ders van Israel gedoen; en hulle
het die land verdeel.

**6** Toe het die kinders van
Juda nader gekom na Josua in
Gilgal,[i] en Kaleb,[j] die seun van
Jefun′ne, die Kenissiet,[k] het vir
hom gesê: “U ken die woord
goed wat Jehovah in Ka′des-
Barne′a[l] oor my en oor u tot
Moses, die man van die ware
God,[m] gespreek het.[n] **7** Veer-
tig jaar oud was ek toe Moses,
die kneg van Jehovah, my van
Ka′des-Barne′a af uitgestuur
het om die land te verken,[o] en
ek het gekom en vir hom be-
rig gebring net soos dit in my
hart was.[p] **8** En my broers
wat saam met my opgetrek het,
het die hart van die volk laat
smelt;[q] maar wat my betref, ek
het Jehovah my God volkome
gevolg.[r] **9** Gevolglik het Mo-
ses daardie dag gesweer en ge-
sê: ‘Die land waarop jou voet
getrap het,[s] sal joune en jou
seuns s’n word as ’n erfdeel tot
onbepaalde tyd, omdat jy Je-
hovah my God volkome gevolg
het.’[t] **10** En nou, kyk, Jeho-
vah het my, net soos hy beloof
het,[u] in die lewe gehou[v] hierdie
vyf-en-veertig jaar sedert Jeho-
vah hierdie belofte aan Moses
gemaak het toe Israel in die wil-
dernis gewandel het,[a] en nou,
kyk, ek is vandag vyf-en-tag-
tig jaar oud. **11** Tog is ek van-
dag nog so sterk soos die dag
toe Moses my uitgestuur het.[b]
Soos my krag toe was, so is my
krag nou vir die oorlog, om uit
te gaan sowel as om in te kom.[c]
**12** En gee my nou hierdie berg-
streek wat Jehovah daardie dag
beloof het,[d] want u het self
daardie dag gehoor dat daar
Enakiete[e] en groot versterkte
stede[f] daar is. Waarskynlik sal
Jehovah met my wees,[g] en ek
sal hulle sekerlik uit hulle besit-
ting verdryf, net soos Jehovah
beloof het.”[h]

**13** Daarop het Josua hom ge-
seën en aan Kaleb, die seun
van Jefun′ne, Hebron as erf-
deel gegee.[i] **14** Daarom het
Hebron die erfdeel geword van
Kaleb, die seun van Jefun′-
ne, die Kenissiet, tot vandag
toe, omdat hy Jehovah, die God
van Israel, volkome gevolg het.[j]
**15** Die naam van Hebron was
tevore Kirjat-Arba[k] (die ge-
noemde Arba[l] was die groot
man onder die Enakiete). En
die land het gerus van oorlog.[m]

**15** En die gebied van die
stam van die kinders van
Juda, volgens hulle families,
wat deur die lot[n] toegewys is,
was tot by die grens van Edom,[o]
die wildernis Zin,[p] tot die sui-
delike punt van die Negeb.[q]
**2** En hulle suidelike grens was
van die verste punt van die
Soutsee,[r] van die baai af wat
suidwaarts kyk. **3** En dit het
suidwaarts na die opdraand
van Akrab′bim[s] uitgegaan en na
Zin[t] geloop en van die suide
na Ka′des-Barne′a[u] opgegaan
en na Hesron geloop en na Ad-
dar opgegaan en met ’n boog na

**HFST. 14**
a Nu 34:13
b Nu 32:29; Jos 13:8
c De 10:9; Jos 13:14
d Ge 48:5; 1Kr 5:2
e Ge 48:19
f Ge 48:20
g Nu 35:7; Jos 21:2; 1Kr 6:54
h Le 25:34; Nu 35:2; Nu 35:5
i Jos 4:19; Jos 10:43
j Nu 13:6; Nu 14:30
k Nu 32:12; Jos 15:17
l De 1:36
m Nu 12:7; De 33:1; Ps 90:Ops
n Nu 13:26; De 1:19
o Nu 13:2; Nu 13:6; Ese 20:6
p Nu 13:30; Nu 14:6
q Nu 13:32
r Nu 14:24; Nu 32:12
s De 1:36
t Ps 101:6; Spr 28:20
u Nu 14:30; Jos 21:45
v Nu 14:29

**Tweede kol.**
a Nu 14:33; Jos 11:18
b Ps 90:10
c De 31:2
d Jos 14:9
e Nu 13:22; Nu 13:33; Jos 11:21
f Nu 13:28
g Nu 14:8; Ps 60:12; Ro 8:31; Flp 4:13
h Jos 15:14; Rig 1:20
i Jos 10:37; Jos 15:13; Jos 21:11; 1Kr 6:56
j Nu 14:24; De 1:36; Jos 14:8
k Ge 23:2; Jos 15:13
l Jos 21:11
m Le 26:6; Jos 11:23

**HFST. 15**
n Nu 26:55
o Ge 36:19
p Nu 33:36
q De 1:7
r Nu 34:3
s Rig 1:36
t Nu 34:4; u Nu 32:8.

Karka gegaan. **4** En dit het
verder na Asmon[a] geloop en
na die stroomvallei van Egipte[b]
uitgegaan; en die grens se eind-
punt was by die see. Dit was hul-
le suidelike grens.
**5** En die oostelike grens was
die Soutsee tot die end van die
Jordaan, en die grens by die
noordelike hoek was by die baai
van die see, by die end van
die Jordaan.[c] **6** En die grens
het na Bet-Hogla[d] opgegaan
en noord van Bet-A′raba[e] ge-
loop, en die grens het opge-
gaan na die klip van Bohan,[f]
die seun van Ruben. **7** En die
grens het opgegaan na Debir by
die Agorlaagvlakte[g] en noord-
waarts na Gilgal[h] gedraai, wat
teenoor die opdraand van
Adum′mim lê, wat suid van die
stroomvallei is; en die grens het
na die waters van En-Semes[i] ge-
loop, en sy eindpunt was En-
Rogel.[j] **8** En die grens het op-
gegaan na die vallei van die
seun van Hinnom,[k] na die sui-
delike hang van die Jebusiete,[l]
dit wil sê Jerusalem;[m] en die
grens het opgegaan na die spits
van die berg wat op die Hin-
nomvallei in die weste uitkyk,
wat aan die noordelike einde
van die Refa′imlaagvlakte[n] is.
**9** En die grenslyn is van die
spits van die berg af na die fon-
tein van die waters van Nefto′-
ag[o] getrek en het na die stede
van die berg Efron uitgegaan;
en die grenslyn is na Ba′äla,[p]
dit wil sê Kir′jat-Jea′rim,[q] ge-
trek. **10** En die grens het van
Ba′äla af weswaarts met ’n boog
na die berg Seïr gegaan en het
na die noordelike hang van die
berg Jea′rim, dit wil sê Ke′sa-
lon, geloop; en dit het na Bet-Se-
mes[r] afgegaan en na Timna[s] ge-
loop. **11** En die grens het na
die noordelike hang van Ekron[t]
uitgegaan, en die grenslyn is na
Sik′keron getrek en het na die
berg Ba′äla geloop en na Jab′-
neël uitgegaan; en die grens se
eindpunt was by die see.
**12** En die westelike grens
was by die Groot See[a] en sy kus-
land. Dit was die grens rondom
van die kinders van Juda vol-
gens hulle families.
**13** En aan Kaleb,[b] die seun
van Jefun′ne, het hy, volgens
die bevel van Jehovah aan Jo-
sua, ’n aandeel onder die kin-
ders van Juda gegee, naam-
lik Kirjat-Arba (die genoemde
Arba was die vader van Enak),
dit wil sê Hebron.[c] **14** Toe het
Kaleb die drie seuns van
Enak,[d] naamlik Sesai[e] en Ahi′-
man en Talmai,[f] dié wat uit
Enak gebore is,[g] daaruit ver-
dryf. **15** Daarna het hy daar-
vandaan na die inwoners van
Debir[h] opgetrek. (En die naam
van Debir was tevore Kirjat-
Sefer.)[i] **16** En Kaleb het ge-
sê: “Wie ook al Kirjat-Sefer
verslaan en dit inneem, aan
hom sal ek beslis my dogter
Agsa[j] as vrou gee.” **17** Daar-
op het Ot′niël,[k] die seun van Ke-
nas,[l] Kaleb se broer, dit inge-
neem. Gevolglik het hy aan hom
sy dogter Agsa[m] as vrou gegee.
**18** En toe sy huis toe gaan, het
sy hom aanhoudend aangespoor
om ’n stuk grond van haar va-
der te vra. Toe het sy haar han-
de geklap terwyl sy op die esel
was. Hierop het Kaleb vir haar
gesê: “Wat wil jy hê?”[n] **19** Toe
het sy gesê: “Skenk my tog ’n
seën, want u het my ’n stuk land
in die suide gegee, en u moet
my Gullot-Maim gee.” Gevolglik
het hy haar Bo-Gullot en Onder-
Gullot gegee.[o]
**20** Dit was die erfdeel[p] van
die stam van die kinders van
Juda[q] volgens hulle families.
**21** En die stede aan die ver-
ste punt van die stam van die

**HFST. 15**
a Nu 34:5
b Ge 15:18, Jos 13:3, 1Kn 8:65
c Nu 34:12
d Jos 18:19
e Jos 18:22
f Jos 18:17
g Jos 7:26
h Jos 4:19, Jos 5:9
i Jos 18:17
j 1Kn 1:9
k Jos 18:16, 2Kn 23:10, Jer 7:31, Mt 5:22
l Jos 18:28, Rig 1:21
m Rig 19:10, 2Sa 5:6
n Jos 18:16, 2Sa 5:18
o Jos 18:15
p 2Sa 6:2, 1Kr 13:6
q Jos 9:17
r Jos 21:16, 1Sa 6:12, 2Kn 14:11, 1Kr 6:59
s Jos 19:43, Rig 14:2, 2Kr 28:18
t Jos 19:43, 1Sa 5:10, 1Sa 7:14, 2Kn 1:2

**Tweede kol.**
a Nu 34:6, De 11:24, Jos 15:47
b Nu 13:30, De 1:36, Jos 14:13, Jos 21:12
c Ge 23:2, Ge 35:27, Jos 14:15, Jos 20:7
d Nu 13:33, Jos 11:21
e Nu 13:22
f Rig 1:10
g Rig 1:20
h Jos 10:39
i Rig 1:11
j Rig 1:13
k Rig 3:9, Rig 3:11
l Rig 1:13, 1Kr 4:13
m 1Kr 2:49
n Rig 1:14
o Rig 1:15
p Nu 33:54
q Ge 49:8, De 33:7

kinders van Juda in die rig-
ting van die grens van Edom[a]
in die suide was Kab′seël[b] en
Eder en Jagur, **22** en Kina
en Dimo′na en Ada′da, **23** en
Kedes en Hasor en Jitnan,
**24** Sif en Telem[c] en Be′alot,
**25** en Ha′sor-Hadat′ta en Ke′-
rijot-Hes′ron, dit wil sê Hasor,
**26** Amam en Sema en Mo′lada,[d]
**27** en Hasar-Gadda en Hesmon
en Bet-Pelet,[e] **28** en Hasar-
Sual[f] en Berse′ba[g] en Bisjot′ja,
**29** Ba′äla[h] en Ijjim en Esem,[i]
**30** en El′tolad en Kesil en Hor-
ma,[j] **31** en Siklag[k] en Mad-
man′na en Sansan′na, **32** en
Leba′ot en Silhim en Ajin[l] en
Rimmon;[m] altesaam nege-en-
twintig stede, tesame met hulle
nedersettings.

**33** In die Sjefe′la[n] was daar
Esta′ol[o] en Sora[p] en Asna,
**34** en Sano′ag[q] en En-Gannim,
Tappu′ag en Enam, **35** Jar-
mut[r] en Adul′lam,[s] Sogo[t] en
Ase′ka,[u] **36** en Saära′im[v] en
Adita′im en Gede′ra en Gedero-
ta′im; veertien stede en hulle
nedersettings.

**37** Senan en Hada′sa en Mig-
dal-Gad, **38** en Di′lean en Mis-
pe en Jok′teël, **39** Lagis[w] en
Boskat[x] en Eglon,[y] **40** en
Kabbon en Lagmam en Kitlis,
**41** en Gede′rot, Bet-Dagon en
Naäma en Makke′da;[z] sestien
stede en hulle nedersettings.

**42** Libna[a] en Eter[b] en Asan,
**43** en Jiftag en Asna en Nesib,
**44** en Kehi′la[c] en Agsib[d] en Ma-
re′sa;[e] nege stede en hulle ne-
dersettings.

**45** Ekron[f] en sy afhankli-
ke dorpe en sy nedersettings.
**46** Van Ekron af weswaarts al-
les wat langs Asdod lê en hulle
nedersettings.

**47** Asdod,[g] sy afhanklike dor-
pe en sy nedersettings; Gasa,[h]
sy afhanklike dorpe en sy ne-
dersettings, tot by die stroom-
vallei van Egipte, en die
Groot See en die aangrensende
streek.[a]

**48** En in die bergstreek: Sa-
mir en Jattir[b] en Sogo, **49** en
Danna en Kirjat-Sanna, dit wil
sê Debir, **50** en Anab en Este′-
mo[c] en Anim, **51** en Gosen[d] en
Holon en Gilo;[e] elf stede en hul-
le nedersettings.

**52** Arab en Duma en Esan,
**53** en Janim en Bet-Tappu′ag
en Afe′ka, **54** en Humta en
Kirjat-Arba, dit wil sê Hebron,[f]
en Sior; nege stede en hulle ne-
dersettings.

**55** Maon,[g] Karmel en Sif[h] en
Jutta, **56** en Jis′reël en Jok′de-
am en Sano′ag, **57** Kajin, Gi′-
bea en Timna;[i] tien stede en hul-
le nedersettings.

**58** Halhul, Bet-Sur en Gedor,
**59** en Ma′ärat en Bet-Anot en
El′tekon; ses stede en hulle ne-
dersettings.

**60** Kirjat-Baäl,[j] dit wil sê
Kir′jat-Jea′rim,[k] en Rabba; twee
stede en hulle nedersettings.

**61** In die wildernis: Bet-A′ra-
ba,[l] Middin en Sega′ga, **62** en
Nibsan en die Soutstad en En-
Gedi;[m] ses stede en hulle neder-
settings.

**63** Wat die Jebusiete[n] betref
wat in Jerusalem[o] gewoon het,
die kinders van Juda kon hul-
le nie verdryf nie;[p] en die Jebu-
siete woon nog tot vandag toe
saam met die kinders van Juda
in Jerusalem.

**16** En die lot[q] het vir die
kinders van Josef[r] uitge-
kom: van die Jordaan[s] by Je′ri-
go af tot die waters van Je′rigo
in die ooste, die wildernis wat
van Je′rigo af na die bergstreek
van Bet-El[t] oploop. **2** En dit
het uitgegaan van Bet-El af,

**HFST. 15**
a Nu 34:3; De 2:5
b Ne 11:25
c 1Sa 15:4
d Jos 19:2; 1Kr 4:28
e Ne 11:26
f Jos 19:3; 1Kr 4:28
g Ge 21:31; Jos 19:2
h Jos 19:3
i 1Kr 4:29
j Nu 14:45; De 1:44; Jos 19:4; Rig 1:17
k Jos 19:5; 1Sa 27:6; 1Kr 12:1
l 1Kr 4:32
m Jos 19:7; Ne 11:29
n De 1:7; Jos 9:1; Rig 1:9
o Jos 19:41; Rig 13:25; Rig 16:31
p Ne 11:29
q Ne 11:30
r Jos 10:3
s Jos 12:15; 1Sa 22:1
t 1Sa 17:1
u Jos 10:10
v 1Sa 17:52
w Jos 10:3; 2Kn 18:14
x 2Kn 22:1
y Jos 10:3
z Jos 10:28
a Jos 10:29; 2Kn 8:22
b Jos 19:7
c 1Sa 23:1
d Ge 38:5
e Mi 1:15
f Jos 13:3
g 1Sa 5:1
h Ge 10:19

**Tweede kol.**
a Ge 15:18; Nu 34:5
b Jos 21:14
c 1Sa 30:28; 1Kr 6:57
d Jos 10:41; Jos 11:16
e 2Sa 15:12
f Ge 23:2; Jos 14:15; Jos 15:13
g 1Sa 23:25; 1Sa 25:2
h 1Sa 23:14
i Ge 38:12
j Jos 18:14
k Jos 9:17; 1Sa 7:1
l Jos 18:22
m 1Sa 23:29; 2Kr 20:2
n Ge 10:16; Rig 1:21
o Rig 1:8; 1Kr 11:4

p Eks 23:29; Nu 33:55; Rig 1:21; Rig 2:23; Rig 3:4; Rig 19:11; 2Sa 5:6; **HFST. 16** q Nu 26:55; Nu 33:54; Spr 16:33; r Ge 49:22; De 33:13; s Nu 35:1; Jos 18:12; t Jos 18:13.

wat aan Lus behoort,[a] en na die grens van die Arkiete[b] by A′tarot geloop, **3** en dit het weswaarts na die grens van die Jafletiete afgegaan tot by die grens van Onder-Bet-Horon[c] en Geser,[d] en die eindpunt daarvan was by die see.[e]

**4** En die kinders van Josef,[f] Manas′se en E′fraim,[g] het grond in besit geneem.[h] **5** En die grens van die kinders van E′fraim volgens hulle families was, ja, die grens van hulle erfdeel in die ooste was A′tarot-Ad′dar[i] tot by Bo-Bet-Horon;[j] **6** en die grens het na die see uitgegaan. Mig′metat[k] was in die noorde, en die grens het met ’n boog ooswaarts na Ta′änat-Si′lo gegaan en ooswaarts na Jano′ag geloop. **7** En dit het van Jano′ag na A′tarot en Na′ära afgegaan en tot by Je′rigo[l] gestrek en na die Jordaan uitgegaan. **8** Van Tappu′ag[m] af het die grens verder weswaarts na die Kanastroomvallei[n] geloop, en sy eindpunt was by die see.[o] Dit is die erfdeel van die stam van die kinders van E′fraim volgens hulle families. **9** En die kinders van E′fraim het ingeslote stede[p] in die erfdeel van die kinders van Manas′se gehad, al die stede en hulle nedersettings.

**10** En hulle het nie die Kanaäniete verdryf[q] wat in Geser[r] gewoon het nie, en die Kanaäniete woon nog tot vandag toe onder E′fraim[s] en is aan slaafse dwangarbeid onderwerp.[t]

**17** En die lot[u] was vir die stam Manas′se,[v] omdat hy Josef se eersgeborene was,[w] vir Magir,[x] die eersgeborene van Manas′se, die vader van Gi′lead,[y] omdat hy ’n krygsman was;[z] en hy het Gi′lead[a] en Basan ontvang. **2** En daar was ’n lot vir die oorblywende kinders van Manas′se volgens hulle families, vir die kinders van Abiëser[a] en die kinders van Helek[b] en die kinders van As′riël en die kinders van Sigem[c] en die kinders van Hefer en die kinders van Semi′da.[d] Dit was die kinders van Manas′se, die seun van Josef, die manspersone volgens hulle families. **3** Wat Selof′had[e] betref, die seun van Hefer, die seun van Gi′lead, die seun van Magir, die seun van Manas′se, hy het nie seuns gehad nie, maar dogters, en dít was die name van sy dogters: Magla en Noa, Hogla, Milka en Tirsa.[f] **4** Toe het hulle voor Elea′sar,[g] die priester, en Josua, die seun van Nun, en die owerstes verskyn en gesê: “Dit was Jehovah wat Moses beveel het om ons ’n erfdeel onder ons broers te gee.”[h] Gevolglik het hy hulle, op bevel van Jehovah, ’n erfdeel onder die broers van hulle vader gegee.[i]

**5** En tien toegemete dele het Manas′se toegeval, benewens die land Gi′lead en Basan, wat aan die oorkant van die Jordaan was;[j] **6** want die dogters van Manas′se het ’n erfdeel onder sy seuns ontvang; en die land Gi′lead het die eiendom van die oorblywende kinders van Manas′se geword.

**29** En ná hierdie dinge het Josua, die seun van Nun, die kneg van Jehovah, uiteindelik op die ouderdom van honderd-en-tien jaar gesterf.[d] **30** Toe het hulle hom begrawe in die gebied van sy erfdeel in Timnat-Serag,[e] wat in die bergstreek van E′fraim lê, noord van die berg Gaäs. **31** En Israel het Jehovah gedien al die dae van Josua en al die dae van die ouer manne wie se dae tot ná dié van Josua voortgeduur het[a] en wat al die werk van Jehovah geken het wat hy vir Israel gedoen het.[b]

**32** En Josef se beendere,[c] wat die kinders van Israel uit Egipte gebring het, het hulle in Sigem begrawe in die stuk grond wat Jakob vir honderd geldstukke[d] by die seuns van Hemor,[e] Sigem se vader, bekom het; en die kinders van Josef het dit as erfdeel ontvang.[f]

**33** Ook Elea′sar, die seun van Aäron, het gesterf.[g] Toe het hulle hom begrawe op die Heuwel van Pi′nehas, sy seun,[h] wat hy hom in die bergstreek van E′fraim gegee het.

HFST. 24
a Ge 12:6, Ge 35:4
b Ge 31:48
c Rig 2:6
d Rig 2:8
e Jos 19:50, Rig 2:9

Tweede kol.
a Rig 2:7
b De 11:2, De 31:13
c Ge 50:25, Eks 13:19, Heb 11:22
d Ge 33:19
e Han 7:16
f Jos 20:7
g Nu 3:4, Nu 20:26
h Eks 6:25, Rig 20:28

# RIGTERS

**1** En ná die dood[a] van Josua het die kinders van Israel Jehovah geraadpleeg[b] en gesê: “Wie van ons sal eerste teen die Kanaäniete optrek om teen hulle te veg?” **2** Hierop het Jehovah gesê: “Juda sal optrek.[c] Kyk! Ek sal die land beslis in sy hand gee.” **3** Toe het Juda vir sy broer Si′meon gesê: “Trek saam met my op na die gebied wat deur die lot[d] aan my toegewys is en laat ons teen die Kanaäniete veg, en dan sal ek weer saam met jou gaan na die gebied wat deur die lot aan jou toegewys is.”[e] Toe het Si′meon saam met hom gegaan.[f]

**4** Daarop het Juda opgetrek, en Jehovah het die Kanaäniete en die Perissiete in hulle hand gegee,[g] sodat hulle hulle in Besek verslaan het, tienduisend man. **5** Toe hulle Ado′ni-Be′sek in Besek aantref, het hulle teen hom geveg en die Kanaäniete[a] en die Perissiete[b] verslaan. **6** Toe Ado′ni-Be′sek vlug, het hulle hom agternagesit en hom gevang en die duime van sy hande en die groottone van sy voete afgesny. **7** Hierop het Ado′ni-Be′sek gesê: “Daar was sewentig konings wie se duime van hulle hande en groottone van hulle voete afgesny was wat onder my tafel voedsel opgetel het. Net soos ek gedoen het, so het God my vergeld.”[c] Daarna het hulle hom na Jerusalem[d] gebring, en hy het daar gesterf.

**8** Verder het die kinders van Juda teen Jerusalem oorlog ge-

HFST. 1
a Jos 24:29
b Nu 27:21, Rig 20:18, Spr 3:5
c Ge 49:8, De 33:7, 1Kr 5:2, 1Kr 28:4
d Jos 15:1, Jos 19:1
e Jos 19:9
f Rig 1:17
g De 9:3, Jos 10:8

Tweede kol.
a Ge 10:6, De 20:17
b Ge 15:20, Eks 3:8, Jos 9:1, Rig 3:5, 1Kn 9:20
c Eks 21:23, Le 24:19, De 19:21, 1Sa 15:33, Ro 2:6, Ga 6:7
d Jos 15:8

voer[a] en dit ingeneem, en hulle
het dit met die skerpte van die
swaard geslaan, en die stad het
hulle aan die vuur oorgegee.
**9** En daarna het die kinders
van Juda afgetrek om teen die
Kanaäniete te veg wat in die
bergstreek en die Negeb[b] en die
Sjefe′la[c] gewoon het. **10** So
het Juda uitgetrek teen die Ka-
naäniete wat in Hebron[d] ge-
woon het (en die naam van
Hebron was voorheen Kirjat-
Arba),[e] en hulle het Sesai en
Ahi′man en Talmai verslaan.[f]

**11** En hulle het daarvandaan
teen die inwoners van Debir
uitgetrek.[g] (En die naam van
Debir was tevore Kirjat-Sefer.)[h]
**12** Toe het Kaleb[i] gesê: "Wie
ook al Kirjat-Sefer verslaan en
dit inneem, kyk, aan hom sal ek
my dogter Agsa[j] as vrou gee."[k]
**13** En Ot′niël,[l] die seun van Ke-
nas,[m] Kaleb se jonger broer,[n]
het dit ingeneem. Daarvoor het
hy aan hom sy dogter Agsa as
vrou gegee.[o] **14** En terwyl sy
huis toe gegaan het, het sy hom
aanhoudend aangespoor om ’n
stuk grond van haar vader te
vra. Toe het sy haar hande ge-
klap terwyl sy op die esel was.[p]
Hierop het Kaleb vir haar ge-
sê: "Wat wil jy hê?" **15** Daar-
op het sy vir hom gesê: "Skenk
my tog ’n seën,[q] u het my ’n
suidelike stuk land gegee, en u
moet my Gullot-Maim gee." Ge-
volglik het Kaleb haar Bo-Gul-
lot[r] en Onder-Gullot gegee.

**16** En die kinders van die
Keniet,[s] wie se skoonseun Mo-
ses was,[t] het saam met die kin-
ders van Juda uit die palm-
stad[u] na die wildernis van Juda
opgetrek, wat suid van Arad[v]
lê. Toe het hulle onder die volk
gaan woon.[w] **17** Maar Juda
het saam met sy broer Si′me-
on verder getrek, en hulle het
die Kanaäniete verslaan wat
in Sefat gewoon het en dit
aan vernietiging oorgegee.[a] Die
stad is derhalwe Horma ge-
noem.[b] **18** Daarna het Juda
Gasa[c] en sy gebied en As′kelon[d]
en sy gebied en Ekron[e] en sy ge-
bied ingeneem. **19** En Jeho-
vah was voortdurend met Juda,
sodat hy die bergstreek in be-
sit geneem het, maar hy kon
nie die bewoners van die laag-
vlakte uit hulle besitting ver-
dryf nie, want hulle het stryd-
waens[f] met ystersense gehad.[g]
**20** Toe hulle Hebron aan Kaleb
gee, net soos Moses beloof het,[h]
het hy die drie seuns van Enak[i]
daaruit verdryf.

**21** En die kinders van Ben-
jamin het nie die Jebusiete ver-
dryf wat in Jerusalem gewoon
het nie;[j] maar die Jebusiete
woon nog tot vandag toe saam
met die kinders van Benjamin
in Jerusalem.[k]

**22** Intussen het die huis van
Josef[l] ook teen Bet-El[m] opge-
trek, en Jehovah was met hul-
le.[n] **23** En die huis van Josef
het Bet-El begin verken[o] (ter-
loops, die naam van die stad was
tevore Lus),[p] **24** en die ver-
spieders het ’n man uit die stad
sien gaan. Toe het hulle vir hom
gesê: "Wys ons asseblief hoe om
in die stad in te kom, en ons
sal beslis goedhartigheid teen-
oor jou bewys."[q] **25** En die
man het hulle gewys hoe om in
die stad in te kom; en hulle het
die stad met die skerpte van die
swaard geslaan,[r] maar die man
en sy hele familie het hulle laat
gaan.[s] **26** Daarop het die man
na die land van die Hetiete[t] ge-
gaan en ’n stad gebou en dit Lus
genoem. Dit is tot vandag toe sy
naam.

**27** En Manas′se[u] het nie Bet-
Sean[v] en sy afhanklike dorpe

**HFST. 1**

a Jos 15:63, Rig 1:21
b Nu 21:1
c De 1:7, Jos 11:16, Jos 15:33
d Jos 11:21, Jos 15:13
e Jos 14:15
f Jos 15:14
g Jos 10:38
h Jos 15:15
i Nu 13:6, Nu 14:24, De 1:36, Jos 14:13
j 1Kr 2:49
k Jos 15:16
l Jos 15:17, Rig 3:9
m 1Kr 4:13
n Rig 3:9
o 1Sa 17:25
p Jos 15:18
q Jos 14:13, Jos 21:12
r Jos 15:19
s Nu 24:21, Rig 4:11
t Eks 3:1, Eks 4:18, Eks 18:1, Nu 10:29
u De 34:3, Rig 3:13, 2Kr 28:15
v Nu 21:1
w Nu 10:32

**Tweede kol.**

a Le 27:29, De 20:16, Jos 6:21
b Nu 21:3, Jos 19:4, 1Kr 4:30
c Ge 10:19, Jos 11:22, Jer 25:20
d Jos 13:3, Rig 14:19, Jer 47:5
e Jos 13:3, Jos 15:45
f De 20:1
g Jos 17:16
h Nu 14:24, Jos 14:9
i Nu 13:22
j Rig 3:5
k Jos 15:63, 2Sa 5:6
l Jos 14:4, Jos 16:1
m Rig 21:19
n Ge 49:24, Ps 44:3
o Nu 13:2, Jos 2:1, Jos 7:2
p Ge 35:6
q Jos 2:14, 1Sa 20:14, 1Sa 30:15
r Jos 8:24
s Jos 6:25, 1Sa 15:6
t De 7:1, Jos 9:1
u Jos 17:1
v Jos 17:11

en Ta′änag[a] en sy afhanklike
dorpe en die inwoners van Dor[b]
en sy afhanklike dorpe en die
inwoners van Jib′leam[c] en sy af-
hanklike dorpe en die inwoners
van Megid′do[d] en sy afhanklike
dorpe in besit geneem nie, maar
die Kanaäniete het in hierdie
land bly woon.[e] **28** En Israel
het sterk geword[f] en die Ka-
naäniete dwangarbeid opgelê,[g]
en hulle het hulle nie heeltemal
verdryf nie.[h]

**29** Ook het E′fraim nie die
Kanaäniete verdryf wat in Ge-
ser gewoon het nie, maar die
Kanaäniete het tussen hulle in
Geser bly woon.[i]

**30** Se′bulon[j] het nie die in-
woners van Kitron en die inwo-
ners van Na′halol[k] verdryf nie,
maar die Kanaäniete het tus-
sen hulle bly woon[l] en is aan
dwangarbeid onderwerp.[m]

**31** Aser[n] het nie die inwo-
ners van Akko en die inwoners
van Sidon[o] en Aglab en Agsib[p]
en Helba en Afik[q] en Rehob[r]
verdryf nie. **32** En die Aserie-
te het bly woon tussen die Ka-
naäniete wat die land bewoon
het, want hulle het hulle nie
verdryf nie.[s]

**33** Naf′tali[t] het nie die inwo-
ners van Bet-Semes en die in-
woners van Bet-Anat[u] verdryf
nie, maar hulle het bly woon
tussen die Kanaäniete wat die
land bewoon het;[v] en die inwo-
ners van Bet-Semes en van Bet-
Anat het hulle s'n geword vir
dwangarbeid.[w]

**34** En die Amoriete het die
kinders van Dan[x] in die berg-
streek ingedryf, want hulle
het hulle nie toegelaat om na
die laagvlakte af te kom nie.[y]
**35** So het die Amoriete op die
berg Heres en in A′jalon[z] en
Sa′älbim[a] bly woon. Maar die
hand van die huis van Josef het
so swaar geword dat hulle ge-
dwing is om harde arbeid te ver-
rig.[a] **36** En die gebied van die
Amoriete was van die opdraand
van Akrab′bim,[b] van Sela af
boontoe.

**2** Toe het Jehovah se engel[c]
van Gilgal[d] af na Bogim[e] op-
gegaan en gesê: "Ek het julle
uit Egipte laat optrek en julle in
die land gebring wat ek aan jul-
le voorvaders met 'n eed beloof
het.[f] Daarbenewens het ek ge-
sê: 'Ek sal my verbond met julle
nooit verbreek nie.[g] **2** En wat
julle betref, julle mag nie met
die inwoners van hierdie land
'n verbond sluit nie.[h] Hulle alta-
re moet julle afbreek.'[i] Maar jul-
le het nie na my stem geluister
nie.[j] Waarom het julle dit ge-
doen?[k] **3** Daarom het ek gesê:
'Ek sal hulle nie voor julle uit
verdryf nie, en hulle sal vir jul-
le strikke word,[l] en hulle gode
sal vir julle as 'n lokaas dien.' "[m]

**4** En toe Jehovah se engel
hierdie woorde met al die kin-
ders van Israel gespreek het,
het die volk hulle stem begin
verhef en gehuil.[n] **5** Hulle het
daardie plek derhalwe Bogim
genoem. En hulle het daar offe-
randes aan Jehovah gebring.

**6** Toe Josua die volk weg-
stuur, het die kinders van Is-
rael weggegaan, elkeen na sy
erfdeel, om die land in besit te
neem.[o] **7** En die volk het Je-
hovah gedien al die dae van
Josua en al die dae van die
ouer manne wie se dae ná dié
van Josua voortgeduur het en
wat al Jehovah se groot wer-
ke gesien het wat hy vir Israel
gedoen het.[p] **8** Toe het Josua,
die seun van Nun, die kneg

**HFST. 1**
a Jos 21:25; Rig 5:19
b Jos 12:23; Jos 17:12
c 2Kn 9:27; 1Kr 6:70
d 1Kn 9:15; 2Kn 9:27
e Jos 16:10; Jos 17:12; Rig 1:19
f De 11:8
g Ge 9:25; Jos 17:13; 1Kn 9:21
h Nu 33:55; De 7:2; De 20:16
i Jos 16:10; 1Kn 9:16
j Jos 19:10
k Jos 19:15
l De 20:17
m Rig 2:2
n Jos 19:24
o Jos 11:8; Jos 19:28
p Jos 19:29
q Jos 19:30
r Jos 21:31
s Ps 106:34; Jer 48:10
t Jos 19:32
u Jos 19:38
v De 7:2
w Rig 1:28
x Jos 19:40
y Jos 19:47; Rig 18:1
z Jos 10:12
a Jos 19:42

**Tweede kol.**
a Jos 16:10; Jos 17:13
b Nu 34:4; Jos 15:3

**HFST. 2**
c Eks 3:2; Eks 23:20; Eks 23:23; Jos 5:13
d Jos 5:9
e Rig 2:5
f Ge 12:7; Ge 26:3
g Ge 17:7; Le 26:42; Ps 105:8; Mal 3:6; Heb 6:18
h Eks 23:32; De 7:2; 2Ko 6:14
i Eks 34:13; Nu 33:52
j Jos 17:13; Rig 1:19; Rig 1:28; Ps 106:34
k Eks 23:21
l Nu 33:55; Jos 23:13

m Eks 23:33; Eks 34:12; De 7:16; 1Kn 11:2; Ps 78:58; Ps 106:36; n 1Sa 7:6; o Jos 24:28; p Jos 23:3; Jos 24:31.

van Jehovah, op die ouderdom
van honderd-en-tien jaar ge-
sterf.[a] **9** En hulle het hom be-
grawe in die gebied van sy erf-
deel in Timnat-Heres[b] in die
bergstreek van E′fraim, noord
van die berg Gaäs.[c] **10** En
ook daardie hele geslag is tot
hulle vaders versamel,[d] en ná
hulle het ’n ander geslag begin
opstaan wat nie Jehovah of die
werk wat hy vir Israel gedoen
het, geken het nie.[e]

**11** En die kinders van Israel
het begin doen wat sleg was
in die oë van Jehovah[f] en die
Baäls[g] gedien. **12** So het hul-
le Jehovah, die God van hul-
le vaders, wat hulle uit Egipte-
land uitgelei het, versaak[h] en
ander gode gevolg uit die gode
van die volke wat rondom hul-
le was,[i] en hulle het hulle voor
dié begin neerbuig, sodat hul-
le Jehovah aanstoot gegee het.[j]
**13** So het hulle Jehovah ver-
saak en Baäl en die Asto′ret-
beelde[k] begin dien. **14** Hierop
het Jehovah se toorn teen Is-
rael ontvlam,[l] sodat hy hulle in
die hand van die plunderaars
gegee het, en hulle het hulle
begin plunder;[m] en hy het hul-
le in die hand van hulle vyande
rondom hulle verkoop,[n] en hul-
le kon nie meer voor hulle vy-
ande standhou nie.[o] **15** Waar-
heen hulle ook al uitgetrek het,
was die hand van Jehovah teen
hulle ten kwade,[p] net soos Je-
hovah gesê het en net soos Je-
hovah vir hulle gesweer het;[q]
en hulle het in baie groot nood
begin verkeer.[r] **16** Toe het Je-
hovah rigters verwek,[s] en dié
het hulle uit die hand van hulle
plunderaars gered.[t]

**17** En selfs na hulle rigters
het hulle nie geluister nie, maar
hulle het onsedelike gemeen-
skap[u] met ander gode[v] gehad
en hulle voor hulle neergebuig.
Hulle het gou afgewyk van die
weg waarop hulle voorvaders
gewandel het in gehoorsaam-
heid aan die gebooie van Jeho-
vah.[a] Hulle het nie so gedoen
nie. **18** En wanneer Jehovah
vir hulle rigters verwek het,[b]
was Jehovah met die rigter, en
hy het hulle al die dae van die
rigter uit die hand van hulle vy-
ande gered; want Jehovah het
spyt gevoel[c] oor hulle gekerm
weens hulle onderdrukkers[d] en
dié wat hulle rondgestoot het.

**19** En wanneer die rigter ge-
sterf het, het hulle omgedraai
en verderfliker as hulle vaders
gehandel deur agter ander gode
aan te loop om hulle te dien en
hulle voor hulle neer te buig.[e]
Hulle het nie hulle gebruike en
hulle hardkoppige gedrag laat
staan nie.[f] **20** Uiteindelik het
Jehovah se toorn teen Israel
ontvlam[g] en het hy gesê: “Om-
dat hierdie nasie my verbond
oortree het[h] wat ek hulle voor-
vaders beveel het en nie na my
stem geluister het nie,[i] **21** sal
ook ek nie weer ’n enkele na-
sie van dié wat Josua by sy
dood laat oorbly het,[j] voor hul-
le uit verdryf nie, **22** sodat Is-
rael deur hulle op die proef ge-
stel kan word,[k] of hulle Jehovah
se weg sal hou deur daarop te
wandel net soos hulle vaders dit
gehou het, of nie.” **23** Gevolg-
lik het Jehovah hierdie nasies
laat bly deur hulle nie gou te
verdryf nie,[l] en hy het hulle nie
in Josua se hand gegee nie.

**3** En dít is die nasies[m] wat Je-
hovah laat bly het om Is-
rael deur hulle op die proef
te stel,[n] dit wil sê almal wat

**HFST. 2**
a Jos 24:29
b Jos 19:50
c Jos 24:30
d Rig 2:7, Pr 1:4
e De 6:12, De 31:13, Rig 2:17, 1Kr 28:9
f Rig 6:1, 2Kr 33:2
g Rig 3:7, Rig 10:6, 1Kn 18:18, 2Kr 28:2, Jer 2:23, Ho 2:13
h De 13:5, De 28:15, De 31:16
i De 6:14, Rig 10:6
j Eks 20:5, De 7:4
k Rig 3:7, Rig 10:6, 1Sa 7:3, 1Kn 11:5, 2Kn 23:13, Ps 106:36
l Rig 3:8, 2Kr 36:16, Ps 106:40
m Le 26:17, 2Kn 17:20, Ps 106:41
n Rig 4:2, Ps 44:12, Jes 50:1
o Le 26:37, De 28:25
p De 28:15, Jer 21:10
q De 4:25, De 4:26, De 7:4
r De 4:30, Rig 10:9
s Rig 3:9, 1Sa 12:11
t Ne 9:27, Ps 106:43
u Ps 73:27, Jer 3:8, Jer 3:14, Ese 23:3, Ese 23:30, Jak 4:4
v Eks 34:15, Le 17:7

**Tweede kol.**
a Eks 32:8, De 9:12, Rig 2:7
b Rig 3:9
c De 32:36, Ps 90:13, Ps 106:45
d Eks 2:24, Rig 4:3, 2Kn 13:4
e Rig 4:1, Rig 8:33
f Ps 78:8, Jes 48:4
g Eks 32:10, De 7:4, De 32:22, Rig 10:7, Ps 106:40

**h** Eks 24:3; Eks 24:8; Eks 34:27; De 29:1; Jos 23:16; **i** Le 26:14; De 28:15; Ps 106:34; **j** Jos 13:2; **k** Nu 33:55; De 8:2; Jos 23:13; Rig 3:4; Spr 17:3; **l** Eks 23:30; De 7:22; **HFST. 3** **m** Eks 23:30; **n** De 8:2; 2Kr 32:31.

nie een van die oorloë van Ka-
naän belewe het nie;[a] **2** dit
was net sodat die geslagte van
die kinders van Israel die on-
dervinding kon hê, om hulle te
leer oorlog voer, dit wil sê net
dié wat nie tevore sulke dinge
ondervind het nie: **3** Die vyf
spilvorste[b] van die Filistyne[c]
en al die Kanaäniete,[d] ook die
Sidoniërs[e] en die Hewiete[f] wat
die berg Li′banon[g] van die berg
Baäl-Hermon[h] af tot by die in-
gang van Hamat[i] bewoon het.
**4** En hulle het as werktuie bly
dien om Israel op die proef te
stel[j] om te weet of hulle Je-
hovah se gebooie sou gehoor-
saam wat hy hulle vaders deur
middel van Moses beveel het.[k]
**5** En die kinders van Israel het
gewoon tussen die Kanaäniete,[l]
die Hetiete en die Amoriete en
die Perissiete en die Hewiete en
die Jebusiete.[m] **6** En hulle het
hulle dogters vir hulle as vrou-
ens geneem,[n] en hulle eie dog-
ters het hulle aan hulle seuns
gegee,[o] en hulle het hulle gode
begin dien.[p]

**7** So het die kinders van Is-
rael gedoen wat sleg was in Je-
hovah se oë, en hulle het Jeho-
vah hulle God vergeet[q] en die
Baäls[r] en die heilige pale ge-
dien.[s] **8** Hierop het Jehovah
se toorn teen Israel ontvlam,[t]
sodat hy hulle in die hand van
Ku′san-Risata′im, die koning
van Mesopota′mië,[u] verkoop
het;[v] en die kinders van Israel
het Ku′san-Risata′im agt jaar
lank gedien. **9** En die kinders
van Israel het tot Jehovah om
hulp begin roep.[w] Toe het Jeho-
vah vir die kinders van Israel ’n
redder verwek[x] sodat hy hulle
kon red, Ot′niël,[y] die seun van
Kenas,[z] die jonger broer van
Kaleb.[a] **10** Die gees[b] van Je-
hovah het toe op hom gekom,
en hy het die rigter van Israel
geword. Toe hy uittrek om oor-
log te voer, het Jehovah Ku′san-
Risata′im, die koning van Si-
rië, in sy hand gegee sodat sy
hand Ku′san-Risata′im oorwel-
dig het.[a] **11** Daarna het die
land veertig jaar lank rus ge-
had. Uiteindelik het Ot′niël, die
seun van Kenas, gesterf.

**12** En die kinders van Israel
het weer eens begin doen wat
sleg was in Jehovah se oë.[b]
Daarop het Jehovah Eglon, die
koning van Moab,[c] sterk laat
word teen Israel,[d] omdat hul-
le gedoen het wat sleg was in
Jehovah se oë.[e] **13** Daarbene-
wens het hy die kinders van
Ammon[f] en A′malek[g] teen hulle
versamel. Toe het hulle gegaan
en Israel verslaan en die palm-
stad[h] in besit geneem. **14** En
die kinders van Israel het Eg-
lon, die koning van Moab, ag-
tien jaar lank gedien.[i] **15** En
die kinders van Israel het tot
Jehovah om hulp begin roep.[j]
Toe het Jehovah vir hulle ’n
redder verwek, Ehud,[k] die seun
van Gera, ’n Benjaminiet,[l] ’n
man wat links was.[m] Na verloop
van tyd het die kinders van Is-
rael deur sy hand skatting aan
Eglon, die koning van Moab, ge-
stuur. **16** Intussen het Ehud
vir hom ’n swaard gemaak, en
dit het twee snykante[n] gehad
en was ’n el lank. Toe het hy dit
onder sy kleed aan sy regter-
heup gegord.[o] **17** En hy het
die skatting vir Eglon, die ko-
ning van Moab,[p] gegee. En Eg-
lon was ’n baie vet man.

**18** En toe hy die skatting
klaar gegee het,[q] het hy die
mense, die draers van die
skatting, dadelik weggestuur.

HFST. 3
a Rig 2:10
b Jos 13:3; 1Sa 6:18
c Ge 21:32; Rig 1:19
d Ge 10:15
e Jos 13:4; Rig 1:31
f Ge 10:17; Eks 3:17; Jos 9:1
g De 1:7; Jos 13:6
h De 3:9; Jos 13:5
i Nu 34:8
j Eks 23:33; Nu 33:55
k Rig 2:22
l Rig 1:29; Ps 106:34
m Eks 3:8; Eks 3:17; De 7:1; Jos 9:1
n Eks 34:16
o De 7:3; Esr 9:12
p Nu 25:2; 1Kn 11:4
q Rig 2:11
r De 31:16; Rig 10:6
s Eks 34:13; De 12:3; De 16:21; 1Kn 16:33
t Rig 2:20
u Ge 24:10
v Le 26:17; Rig 2:14; 1Sa 12:9
w De 4:30; Rig 2:18; Rig 3:15; Ps 107:19
x Rig 2:16
y Jos 15:17
z 1Kr 4:13
a Rig 1:13
b Nu 11:17; Rig 6:34; Rig 11:29; Rig 14:6; Rig 15:14; 1Sa 11:6; 1Sa 16:13; 2Kr 15:1; Jes 63:11

Tweede kol.
a Sag 4:6; Heb 11:33
b Rig 2:19; Ho 6:4
c Ge 19:37
d Rig 2:14; Joh 19:11
e Le 26:14
f Ge 19:38; Rig 11:4
g Eks 17:8; Rig 6:3; Ps 83:7
h De 34:3; Rig 1:16; 2Kr 28:15
i Le 26:25; De 28:48

j Rig 3:9; Ps 50:15; Ps 78:34; Ps 107:13; Jer 29:12; k Rig 4:1; l Ge 49:27; m Rig 20:16; 1Kr 12:2; n Ps 149:6; o Ps 45:3; p Rig 11:18; q 2Kn 23:35.

**19** En hy het teruggedraai by
die klipgroewe wat in Gilgal[a]
was, en hy het gesê: “Ek het
’n geheime woord vir u, o ko-
ning.” Toe het hy gesê: “Bly
stil!” Daarop het almal wat by
hom gestaan het, van hom af
uitgegaan.[b] **20** En Ehud het
na hom toe gekom terwyl hy
in sy koel dakvertrek sit wat
hy vir hom alleen gehad het.
En Ehud het gesê: “Ek het ’n
woord van God vir u.” Daarop
het hy van sy troon af opge-
staan. **21** Toe het Ehud sy
linkerhand ingesteek en die
swaard van sy regterheup af
geneem en dit in sy maag ge-
steek. **22** En ook die hef het
agter die lem bly ingaan so-
dat die vet die lem omsluit het,
want hy het nie die swaard
uit sy maag getrek nie, en die
drek het begin uitkom. **23** En
Ehud het deur die luggat uit-
gegaan, maar hy het die deu-
re van die dakvertrek agter
hom toegemaak en dit gesluit.
**24** En hy het uitgegaan.[c]

En sy knegte het gekom en
begin kyk, en die deure van die
dakvertrek was gesluit. Toe het
hulle gesê: “Hy doen maar net
sy behoefte[d] in die koel binne-
kamer.” **25** En hulle het bly
wag totdat hulle skaam gekry
het, en kyk! niemand het die
deure van die dakvertrek oop-
gemaak nie. Hierop het hulle
die sleutel geneem en dit oop-
gemaak, en kyk! hulle heer het
dood op die grond gelê!

**26** Wat Ehud betref, hy het
ontvlug terwyl hulle getalm
het, en hy het verby die klip-
groewe[e] gegaan en na Seïra ge-
vlug. **27** En toe hy daar kom,
het hy in die bergstreek van
E′fraim[f] op die horing begin
blaas;[g] en die kinders van Israel
het saam met hom uit die berg-
streek begin aftrek, en hy was
aan die spits. **28** Toe het hy
vir hulle gesê: “Volg my,[a] want
Jehovah het julle vyande, die
Moabiete, in julle hand gegee.”[b]
En hulle het hom gevolg en die
driwwe[c] van die Jordaan teen
die Moabiete beset, en hulle
het niemand toegelaat om deur
te gaan nie. **29** En in dié tyd
het hulle Moab verslaan, sowat
tienduisend man,[d] almal fris ge-
bou[e] en almal dapper manne;
en nie één het ontkom nie.[f]
**30** En Moab is dié dag onder Is-
rael se hand onderwerp; en die
land het hierna tagtig jaar lank
rus gehad.[g]

**31** En ná hom was daar Sam-
gar,[h] die seun van Anat, en hy
het die Filistyne,[i] seshonderd
man, met ’n veedrywerstok
doodgemaak; en ook hy het Is-
rael gered.[j]

**4** Ná Ehud se dood het die
kinders van Israel weer be-
gin doen wat sleg was in Je-
hovah se oë.[k] **2** Daarom het
Jehovah hulle verkoop[l] in die
hand van Jabin, die koning van
Kanaän, wat in Hasor[m] regeer
het; en sy leërhoof was Si′sera,[n]
en hy het in Haro′set[o] van die
nasies gewoon. **3** En die kin-
ders van Israel het tot Jehovah
begin roep,[p] want hy het ne-
gehonderd strydwaens met ys-
tersense[q] gehad, en hy het die
kinders van Israel twintig jaar
lank swaar onderdruk.[r]

**4** En Debo′ra, ’n profetes,[s]
die vrou van Lap′pidot, het Is-
rael in dié tyd gerig. **5** En sy
het onder Debo′ra se palmboom
tussen Rama[t] en Bet-El[u] in
die bergstreek van E′fraim ge-
woon; en die kinders van Is-
rael het vir regspraak na haar
toe opgegaan. **6** En sy het ge-
stuur en Barak,[v] die seun van

**HFST. 3**
a Jos 4:19; Jos 5:9
b Spr 14:15
c Pr 10:10
d 1Sa 24:3; 1Kn 18:27
e Rig 3:19
f Jos 16:5; Rig 7:24
g Jos 6:5; Rig 6:34; 1Sa 13:3; 2Sa 2:28; Jl 2:1

**Tweede kol.**
a Rig 2:16
b Rig 7:15; 1Sa 17:47
c Jos 2:7; Rig 12:5
d Le 26:8; De 28:7
e Rig 3:17; Ps 17:10
f Le 26:7
g Le 26:6; Rig 3:11
h Rig 5:6
i Eks 23:31; Jos 13:2; Rig 15:3
j Rig 15:15; 1Sa 13:19; 1Sa 13:22; 1Sa 17:47; 1Sa 17:50

**HFST. 4**
k Rig 2:19
l Le 26:17; De 28:25; De 32:30; Rig 2:14; Rig 3:8; Rig 10:7
m Jos 19:36
n 1Sa 12:9
o Rig 4:16
p Rig 2:18; Rig 3:9; Ps 107:19; Ps 145:19
q De 20:1; Jos 17:16; Rig 1:19
r De 28:48; Ps 106:42
s Eks 15:20; 2Kn 22:14; Lu 2:36; Han 21:9; 1Ko 11:5
t Jos 18:25; Rig 19:13; 1Kn 15:17; Jer 40:1
u Ge 28:17; Ge 28:19; Jer 48:13; Am 3:14
v Heb 11:32

Abino′am, uit Ke′des-Naf′tali[a]
laat roep en vir hom gesê: “Het
Jehovah, die God van Israel, nie
die bevel gegee nie? ‘Gaan, en
jy moet jou oor die berg Tabor[b]
versprei, en jy moet tiendui-
send man uit die kinders van
Naf′tali[c] en uit die kinders van
Se′bulon[d] saam met jou neem.
**7** En by die Kisonstroomvallei[e]
sal ek Si′sera,[f] Jabin[g] se leër-
hoof, en sy strydwaens en sy
menigte beslis na jou toe trek,[h]
en ek sal hom inderdaad in jou
hand gee.’ ”[i]

**8** Hierop het Barak vir haar
gesê: “As jy saam met my gaan,
sal ek ook sekerlik gaan; maar
as jy nie saam met my gaan nie,
sal ek nie gaan nie.” **9** Toe
het sy gesê: “Ek sal vir seker
saam met jou gaan. Die luister-
ryke eer sal nietemin nie jou-
ne word op die weg wat jy gaan
nie, want Jehovah sal Si′sera in
die hand van ’n vrou[j] verkoop.”
Daarop het Debo′ra opgestaan
en saam met Barak na Kedes[k]
gegaan. **10** En Barak het Se′-
bulon[l] en Naf′tali na Kedes be-
gin bymekaarroep, en tiendui-
send man het opgetrek en in sy
voetspore gevolg;[m] en Debo′ra
het saam met hom opgetrek.

**11** Terloops, Heber,[n] die Ke-
niet, het hom afgeskei van die
Keniete,[o] die kinders van Ho-
bab, wie se skoonseun Moses
was,[p] en sy tent was opgeslaan
naby die groot boom in Saänan′-
nim, wat by Kedes is.

**12** Toe het hulle aan Si′se-
ra berig gebring dat Barak,
die seun van Abino′am,[q] na
die berg Tabor[r] opgetrek het.
**13** Dadelik het Si′sera al sy
strydwaens, die negehonderd
strydwaens met ystersense,[s]
en al die manskappe wat by
hom was, uit Haro′set van die
nasies na die Kisonstroomval-
lei[a] bymekaargeroep. **14** De-
bo′ra het toe vir Barak gesê:
“Staan op, want vandag sal Je-
hovah Si′sera beslis in jou hand
gee. Is dit nie Jehovah wat voor
jou uitgetrek het nie?”[b] En Ba-
rak het met tienduisend man
agter hom aan teen die berg
Tabor afgegaan. **15** En Jeho-
vah het Si′sera en al sy stryd-
waens en die hele kamp deur
die skerpte van die swaard
voor Barak in verwarring be-
gin bring.[c] Uiteindelik het Si′-
sera van die strydwa afgeklim
en te voet gevlug. **16** En Ba-
rak het die strydwaens[d] en die
kamp tot by Haro′set van die
nasies agternagesit,[e] sodat die
hele kamp van Si′sera deur
die skerpte van die swaard ge-
val het. Daar het nie eers een
oorgebly nie.[f]

**17** Wat Si′sera[g] betref, hy
het te voet gevlug na die tent
van Jael,[h] die vrou van Heber,
die Keniet,[i] want daar was vre-
de tussen Jabin, die koning van
Hasor,[j] en die huisgesin van
Heber, die Keniet. **18** Toe het
Jael uitgegaan om Si′sera te
ontmoet en vir hom gesê:
“Draai hierheen uit, my heer,
draai hierheen uit na my toe.
Moenie bang wees nie.” Daarop
het hy na haar toe uitgedraai,
die tent in. Later het sy hom
met ’n kombers toegemaak.
**19** Na ’n ruk het hy vir haar
gesê: “Gee my asseblief ’n bie-
tjie water om te drink, want
ek is dors.” Toe het sy ’n leer-
sak[k] met melk oopgemaak en
vir hom daarvan gegee om te
drink,[l] waarna sy hom toege-
maak het. **20** En hy het vir
haar gesê: “Staan by die ingang
van die tent, en as enigiemand
kom en jou vra en sê: ‘Is daar
’n man hier?’ dan moet jy sê:
‘Nee!’ ”

HFST. 4
a Jos 21:32
b Ps 89:12; Jer 46:18
c Ge 30:8; Ge 35:25; Jos 19:32
d Ge 30:20; Ge 35:23; Jos 19:10
e 1Kn 18:40; Ps 83:9
f 1Sa 12:9
g Rig 4:2
h Eks 14:4
i De 20:1
j Rig 5:24; Rig 5:26; Rig 9:54
k Jos 20:7; Jos 21:32; Rig 4:6
l Rig 5:18
m Rig 4:6
n Rig 1:16
o Ge 15:19; Nu 24:21; 1Sa 15:6
p Nu 10:29
q Rig 5:12
r Rig 4:6
s De 20:1; Rig 4:3

Tweede kol.
a Rig 4:7; Rig 5:21; Ps 83:9
b De 9:3; Ro 8:31
c Eks 14:24; Jos 10:10; 2Kn 7:6
d Jes 43:17
e Le 26:7; Jos 10:19
f De 7:23
g Rig 4:2; 1Sa 12:9
h Rig 5:6; Rig 5:24
i Nu 24:21; Rig 1:16; Rig 4:11
j Rig 4:2
k Ge 21:19
l Rig 5:25

21 En Jael, die vrou van He-
ber, het ’n tentpen geneem en
die hamer in haar hand gevat.
Toe het sy stilletjies na hom toe
gegaan en die pen deur sy slape
gedryf[a] en dit in die grond in-
geslaan, terwyl hy vas aan die
slaap en afgemat was. So het hy
gesterf.[b]
22 En kyk! daar was Barak,
besig om Si′sera te agtervolg.
Toe het Jael uitgegaan om hom
te ontmoet en vir hom gesê:
“Kom, en ek sal u die man wys
wat u soek.” Daarop het hy na
haar toe ingegaan, en kyk! daar
het Si′sera dood gelê, met die
pen deur sy slape.
23 So het God Jabin, die ko-
ning van Kanaän, op dié dag
voor die kinders van Israel on-
derwerp.[c] 24 En die hand van
die kinders van Israel het al
hoe harder geword teen Jabin,
die koning van Kanaän,[d] totdat
hulle Jabin, die koning[e] van Ka-
naän, uitgeroei het.

**5** En op dié dag het Debo′ra[f]
saam met Barak,[g] die seun
van Abino′am,[h] ’n lied aange-
hef[i] en gesê:

2 “Omdat hulle in Israel die hare los laat hang het vir oorlog,
Omdat die volk hulle vrywillig aangebied het,[j]
LOOF Jehovah.[k]
3 Luister, o konings;[l] hoor, o hoë amptenare:
Ek, ja ek, sal tot Jehovah sing.
Ek sal Jehovah, Israel se God,[m] met melodieë besing.[n]
4 Jehovah, toe u uit Seïr uitgegaan het,[o]
Toe u uit die gebied van Edom opgetrek het,[p]
Het die aarde gebewe;[q] ook het die hemel gedrup,[r]
Ook het die wolke water gedrup.
5 Berge het weggevloei van die aangesig van Jehovah,[a]
Hierdie Si′nai[b] weg van die aangesig van Jehovah,[c] Israel se God.[d]
6 In die dae van Samgar,[e] die seun van Anat,
In die dae van Jael,[f] was daar geen verkeer op die paaie nie,
En dié wat langs weë gereis het, het langs ompaaie gereis.[g]
7 Die bewoners van die oop land het ophou bestaan, in Israel het hulle ophou bestaan,[h]
Totdat ek, Debo′ra,[i] opgestaan het,
Totdat ek as ’n moeder in Israel opgestaan het.[j]
8 Hulle het nuwe gode gekies.[k]
Toe was daar oorlog in die poorte.[l]
’n Skild was daar nie te sien nie, ook nie ’n lans nie,
Onder veertigduisend in Israel.[m]
9 My hart is vir die aanvoerders van Israel,[n]
Wat vrywilligers onder die volk was.[o]
LOOF Jehovah.[p]
10 Julle wat op geelrooi eselinne ry,[q]
Julle wat op ryk tapyte sit,
En julle wat op die pad loop,
Dink na![r]
11 Party van die stemme van die waterverdelers tussen die plekke waar water geskep word,[s]
Daar het hulle van die regverdige dade van Jehovah begin vertel,[t]

**HFST. 4**
a Rig 5:26
b Rig 4:9; Rig 5:27
c 1Kr 22:18; Ne 9:24; Ps 18:47; Ps 47:3; Ps 81:14; Heb 11:33
d Ge 9:25; De 28:13
e Le 26:7; De 7:24

**HFST. 5**
f Rig 4:4
g Heb 11:32
h Rig 4:6
i Eks 15:1; De 31:19; De 31:30; 1Kr 16:9; Ps 18:Ops
j Rig 4:10; Ps 110:3
k Eks 18:10; 2Kr 20:26; Ps 145:2
l Ps 119:46
m Eks 5:1; Eks 20:2
n 2Sa 22:50; Ps 7:17
o De 33:2; Ps 68:7
p Hab 3:3
q 2Sa 22:8
r Ps 68:8

**Tweede kol.**
a De 4:11; Ps 97:5
b Ne 9:13
c Eks 19:18
d Eks 5:1; Eks 20:2
e Rig 3:31
f Rig 4:17
g Le 26:22; Jes 33:8
h Rig 4:2
i Rig 4:4
j Rig 4:5
k De 32:16; Rig 2:12; Rig 4:1
l Nu 33:56; Rig 4:2
m Rig 4:3; 1Sa 13:19
n Rig 4:6
o Rig 4:10; Ps 110:3
p Rig 5:2; Ps 103:1
q Rig 10:4; Rig 12:14
r Ps 105:2; Ps 145:5
s Eks 2:16
t De 32:4; 1Sa 12:7; Ps 145:7; Mi 6:5

Die regverdige dade van sy bewoners van die oop land in Israel.
Toe het Jehovah se volk na die poorte afgegaan.
12 Word wakker, word wakker, o Debo′ra;[a]
Word wakker, word wakker, hef ’n lied aan![b]
Staan op, Barak,[c] en voer jou gevangenes weg, seun van Abino′am![d]
13 Toe het die oorlewendes na die vooraanstaandes toe afgekom;
Jehovah se volk het na my toe afgekom teen die magtiges.
14 Uit E′fraim was hulle oorsprong in die laagvlakte,[e]
Saam met jou, o Benjamin, onder jou manskappe.
Uit Magir[f] het die aanvoerders afgetrek,
En uit Se′bulon dié wat die toerusting van ’n skrywer gebruik.[g]
15 En die vorste in Is′saskar[h] was saam met Debo′ra,
En soos Is′saskar, so was Barak.[i]
Na die laagvlakte is hy te voet gestuur.[j]
Onder die afdelings van Ruben was die ondersoekinge van die hart groot.[k]
16 Waarom het jy tussen die twee saalsakke gaan sit,
Om na die fluitspel vir die kuddes te luister?[l]
Vir die afdelings van Ruben was daar groot ondersoekinge van die hart.[m]
17 Gi′lead het by sy woonplek aan die oorkant van die Jordaan gebly;[n]
En Dan, waarom het hy ’n tyd lank in skepe gewoon?[a]
Aser het ledig op die seestrand gesit,
En by sy landingsplekke het hy gebly.[b]
18 Se′bulon was ’n volk wat sy siel tot die dood toe geminag het;[c]
Naf′tali[d] ook, op die hoogtes van die veld.[e]
19 Konings het gekom, hulle het geveg;
Toe het die konings van Kanaän geveg[f]
In Ta′änag[g] by die waters van Megid′do.[h]
Geen silwer het hulle as gewin geneem nie.[i]
20 Uit die hemel het die sterre geveg,[j]
Uit hulle bane het hulle teen Si′sera geveg.
21 Die Kisonstroom het hulle weggespoel,[k]
Die stroom uit die oudheid, die Kisonstroom.[l]
Jy het sterkte vertrap,[m] o my siel.
22 Toe het die hoewe van perde gekap[n]
Weens die gejaag, die gejaag van sy hingste.
23 ‘VERVLOEK[o] Meros’, het die engel van Jehovah[p] gesê,
‘VERVLOEK sy inwoners onophoudelik,
Want hulle het Jehovah nie te hulp gekom nie,
Jehovah nie te hulp gekom met die magtiges nie.’
24 Jael,[q] die vrou van Heber, die Keniet,[r] sal hoogs geseënd wees onder die vroue,
Onder die vroue in die tent sal sy hoogs geseënd wees.[s]

HFST. 5
a Rig 4:4
b Rig 5:1
c Rig 4:6
d Rig 5:1
e Jos 16:4
f Nu 32:39
g 2Kn 25:19 2Kr 26:11
h Ge 49:15 1Kr 12:32
i Rig 4:6 Heb 11:32
j Rig 4:14
k Spr 3:27
l Nu 32:1 Nu 32:24
m Jak 4:17
n Jos 22:9

Tweede kol.
a Jos 19:46 Jon 1:3
b Jos 19:24
c Rig 4:10 Rig 6:35 1Kr 12:33 Ps 68:27
d Rig 4:6
e Rig 4:14
f De 7:24 Rig 4:13
g Rig 1:27
h Jos 12:21
i Rig 4:16 Rig 5:30
j Ge 18:14 Jos 10:11 Rig 4:15 1Sa 7:10 Ps 135:7
k Rig 4:7 Ps 83:9
l Rig 4:13 Ps 44:3
m Ps 44:5 Jes 25:10 Mi 7:10
n Ps 20:7 Ps 147:10 Spr 21:31 Jes 5:28
o Jer 48:10
p Eks 23:23 Rig 2:1
q Rig 4:17
r Nu 24:21 Rig 1:16 Rig 4:11
s Spr 31:31

25 Water het hy gevra, melk het sy gegee;
In die groot feesbak van vooraanstaandes het sy dikmelk aangebied.[a]
26 Haar hand het sy toe na die tentpen uitgesteek,
En haar regterhand na die hamer van harde werkers.[b]
En sy het Si′sera gehamer, sy het sy kop deurboor,[c]
En sy het sy slape verpletter en oopgekloof.
27 Tussen haar voete het hy inmekaargesak, het hy geval, het hy gaan lê;
Tussen haar voete het hy inmekaargesak, het hy geval;
Waar hy inmekaargesak het, daar het hy geval, oorwonne.[d]
28 By die venster het ’n vrou na buite gekyk en na hom op die uitkyk gebly,
Die moeder van Si′sera by die tralievenster:[e]
‘Waarom het sy strydwa getalm om te kom?[f]
Waarom moet die hoefslae van sy waens so laat wees?’[g]
29 Die wyses van haar edelvroue[h] het haar geantwoord,
Ja, ook sy het haarself met haar eie woorde geantwoord:
30 ‘Behoort hulle nie buit te vind en te verdeel nie,[i]
’n Moederskoot—twee moederskote vir elke man,[j]
Buit van gekleurde stowwe vir Si′sera, buit van gekleurde stowwe,
’n Geborduurde kleed, gekleurde stof, twee geborduurde kledingstukke
Vir die nekke van die manne van die buit?’
31 Laat al u vyande so vergaan,[a] o Jehovah,
En laat dié wat u liefhet,[b] wees soos wanneer die son in sy mag opgaan.”[c]

En die land het hierna veertig jaar lank rus gehad.[d]

6 Toe het die kinders van Israel begin doen wat sleg
was in die oë van Jehovah.[e] Je-
hovah het hulle dus sewe jaar
lank in die hand van Mi′di-
an[f] gegee.
2 En Mi′dian het
die oorhand oor Israel gekry.[g]
Weens Mi′dian het die kinders
van Israel vir hulle die on-
dergrondse opslagplekke ge-
maak wat in die berge was,
en die grotte en die moeilik
toeganklike plekke.[h]
3 En as
Israel saad gesaai het,[i] het Mi′-
dian en A′malek[j] en die Oos-
terlinge[k] opgetrek, ja, hulle
het teen hulle opgetrek.
4 En
hulle het teen hulle kamp opge-
slaan en die opbrengs van die
aarde tot reg by Gasa verwoes,
en hulle het geen lewensmidde-
le of skaap of bul of esel in Is-
rael laat oorbly nie.[l]
5 Want
hulle en hulle vee het met hul-
le tente opgetrek. Hulle het so
talryk soos die sprinkane ge-
kom,[m] en hulle en hulle kame-
le was sonder tal;[n] en hulle het
die land ingekom om dit te ver-
woes.[o]
6 En Israel het baie
verarm weens Mi′dian; en die
kinders van Israel het tot Jeho-
vah om hulp begin roep.[p]
7 En omdat die kinders van
Israel weens Mi′dian tot Je-
hovah om hulp geroep het,[q]
8 het Jehovah ’n man, ’n pro-
feet,[r] na die kinders van Is-
rael toe gestuur en vir hulle ge-
sê: “Só het Jehovah, die God

HFST. 5
a Rig 4:19
b Spr 31:17
c Rig 4:21
d Rig 4:22
e Spr 7:6 Hgl 2:9
f Rig 4:15 1Sa 15:33
g Rig 4:16
h 2Sa 14:2 2Sa 20:16
i Eks 15:9
j De 20:14 De 21:11

Tweede kol.
a Ps 68:2 Ps 83:9 Ps 92:9
b Eks 20:6 Ps 91:14 Ps 97:10 Ro 8:28 1Ko 8:3
c Ps 110:3 Da 12:3 Mt 13:43
d Le 26:6 Rig 3:11 Rig 3:30

HFST. 6
e De 28:15 Rig 2:19 Ne 9:28
f Ge 25:2 Le 26:17 Nu 25:17 De 28:48 Rig 2:14
g Le 26:21 Nu 33:55 De 28:51
h 1Sa 13:6
i Le 26:16 De 28:33
j Rig 3:13
k Ge 29:1 Rig 8:10 1Kn 4:30
l De 28:31 De 28:48 Mi 6:15
m Rig 8:10
n Rig 7:12
o Ps 83:4
p De 4:30 Ps 50:15
q Rig 2:18 Ps 86:7 Ps 107:19 Ho 5:15
r Nu 12:6 Am 3:7

van Israel, gesê: ‘Ek het julle
uit Egipte laat optrek[a] en jul-
le sodoende uit die slawehuis
uitgebring.[b] **9** So het ek jul-
le uit die hand van Egipte en
uit die hand van al julle onder-
drukkers verlos en hulle voor
julle uit verdryf en hulle land
aan julle gegee.[c] **10** Ook het
ek vir julle gesê: “Ek is Jehovah
julle God.[d] Julle mag die gode
van die Amoriete[e] in wie se
land julle woon,[f] nie vrees nie.”
En julle het nie na my stem ge-
luister nie.’ ”[g]

**11** Later het Jehovah se en-
gel gekom[h] en onder die groot
boom gesit wat in Ofra was,
wat aan Joas, die Abiësriet,[i] be-
hoort het, terwyl sy seun Gi′de-
on[j] koring in die wynpers uit-
geslaan het om dit gou uit die
sig van Mi′dian te kry. **12** Toe
het Jehovah se engel aan hom
verskyn en vir hom gesê: “Je-
hovah is met jou,[k] dapper, sterk
man.” **13** Hierop het Gi′deon
vir hom gesê: “Verskoon my,
my heer, maar as Jehovah met
ons is, waarom het al hierdie
dinge dan oor ons gekom,[l] en
waar is al sy wonderlike dade[m]
waarvan ons vaders ons ver-
tel het[n] deur te sê: ‘Was dit
nie uit Egipte dat Jehovah ons
laat optrek het nie?’[o] En nou
het Jehovah ons verstoot,[p] en
hy gee ons in die palm van Mi′-
dian.” **14** Daarop het Jehovah
na hom toe gedraai en gesê:
“Gaan in hierdie krag van jou,[q]
en jy sal Israel beslis uit Mi′di-
an se palm red.[r] Stuur ek jou
nie?”[s] **15** Toe het hy vir hom
gesê: “Verskoon my, Jehovah.
Waarmee sal ek Israel red?[t]
Kyk! My duisend is die gering-
ste in Manas′se, en ek is die
kleinste in my vader se huis.”[u]
**16** Maar Jehovah het vir hom
gesê: “Omdat ek met jou sal
wees,[a] en jy sal Mi′dian beslis
verslaan[b] asof dit een man is.”

**17** Hierop het hy vir hom ge-
sê: “As ek dan nou guns in u oë
gevind het,[c] moet u ook vir my
’n teken doen dat dit u is wat
met my praat.[d] **18** Moet asse-
blief nie hiervandaan weggaan
totdat ek na u toe kom[e] en ek
my gawe uitgebring en dit voor
u neergesit het nie.”[f] Gevolglik
het hy gesê: “Ek sal hier bly sit
totdat jy terugkeer.” **19** En
Gi′deon het ingegaan en ’n bok-
lam[g] en ongesuurde koeke van
’n efa meel berei.[h] Die vleis het
hy in die mandjie gesit, en die
sous het hy in die kookpot ge-
sit, waarna hy dit na hom toe
uitgebring het onder die groot
boom en dit opgedien het.

**20** Die engel van die ware
God het toe vir hom gesê:
“Neem die vleis en die onge-
suurde koeke en sit dit daar op
die groot rots neer,[i] en gooi die
sous uit.” Daarop het hy dit ge-
doen. **21** Toe het Jehovah se
engel die punt van die staf wat
in sy hand was, uitgesteek en
aan die vleis en die ongesuur-
de koeke geraak, en vuur het
uit die rots begin opstyg en die
vleis en die ongesuurde koeke
verteer.[j] Wat Jehovah se engel
betref, hy het uit sy sig ver-
dwyn. **22** Gevolglik het Gi′de-
on besef dat dit Jehovah se en-
gel was.[k]

Dadelik het Gi′deon gesê:
“Ag, Soewereine Heer Jehovah,
want ek het Jehovah se engel
van aangesig tot aangesig ge-
sien!”[l] **23** Maar Jehovah het
vir hom gesê: “Vrede vir jou.[m]
Moenie vrees nie.[n] Jy sal nie
sterf nie.”[o] **24** Toe het Gi′de-
on daar vir Jehovah ’n altaar
gebou,[p] en dit word nog tot

**HFST. 6**
a Eks 20:2; Le 26:13
b Rig 2:1; Ps 78:52; Ps 136:11
c De 7:2; Jos 10:42; Ne 9:24; Ps 44:2; Ps 78:55
d De 6:4; Ps 81:10; Ho 13:4
e 2Kn 17:35; Jer 10:2
f Jos 24:15
g De 28:15; Rig 2:2; Jer 3:13; Sef 3:2
h Rig 2:1
i Jos 17:2; Rig 6:24; Rig 8:32
j Ge 49:24; Heb 11:32
k Jos 1:5; Rig 2:18
l Rig 6:2
m Jes 63:15
n De 4:9; De 6:7; Ps 44:1; Ps 78:3
o Eks 13:14
p De 31:17; 2Kr 15:2
q Ge 49:24
r Rig 6:32; Rig 8:22; 1Sa 12:11; Heb 11:32
s Jos 1:9; Rig 4:6; Ro 8:31
t Ps 44:3
u 1Sa 9:21; Lu 14:11; Flp 2:3

**Tweede kol.**
a De 3:22; De 20:4; Rig 2:18; Jes 41:10
b Le 26:8; Ps 83:9
c Eks 33:13
d Eks 3:12
e Ge 18:3; Ge 19:3; Rig 13:15
f Ge 18:5; Rig 6:19
g Ge 18:7
h Ge 18:6
i Rig 13:19
j Le 9:24; Rig 13:20; 1Kn 18:38; 1Kr 21:26; 2Kr 7:1
k Rig 13:8; Rig 13:9; Rig 13:21; Heb 13:2
l Ge 16:7; Ge 16:13; Ge 32:24; Ge 32:30; Rig 13:22; Lu 1:12

**m** Lu 24:36; **n** Da 10:19; **o** Ge 32:30; **p** Rig 13:20.

vandag toe Jehovah-Sjalom ge-
noem.[a] Dit is nog in Ofra[b] van
die Abiësriete.
**25** En gedurende daardie
nag het Jehovah vir hom gesê:
“Neem die jong bul, die bul wat
aan jou vader behoort, dit is die
tweede jong bul van sewe jaar,
en jy moet die altaar van Baäl[c]
wat jou vader s’n is, afbreek, en
die heilige paal wat daar langs-
aan is, moet jy afkap.[d] **26** En
jy moet op die top van hierdie
vesting vir Jehovah jou God ’n
altaar bou, met die ry klippe,
en jy moet die tweede jong bul
neem en dit as ’n brandoffer
bring op die stukke hout van
die heilige paal wat jy moet af-
kap.” **27** Toe het Gi′deon tien
manne van sy knegte geneem
en gaan doen net soos Jehovah
vir hom gesê het;[e] maar aange-
sien hy die huisgesin van sy va-
der en die manne van die stad
te veel gevrees het om dit oor-
dag te doen, het hy dit in die
nag gedoen.[f]
**28** Toe die manne van die
stad soos gewoonlik vroeg in
die oggend opstaan, kyk! toe
was die altaar van Baäl afge-
breek en die heilige paal[g] wat
daar langsaan was, afgekap en
die tweede jong bul geoffer op
die altaar wat gebou is. **29** En
hulle het die een vir die ander
begin sê: “Wie het dit gedoen?”
En hulle het navraag gedoen
en gesoek. Uiteindelik het hul-
le gesê: “Gi′deon, die seun van
Joas, het dit gedoen.” **30** Toe
het die manne van die stad vir
Joas gesê: “Bring jou seun uit
dat hy kan sterf,[h] omdat hy die
altaar van Baäl afgebreek het,
en omdat hy die heilige paal af-
gekap het wat daar langsaan
was.” **31** Hierop het Joas[i] vir
almal gesê wat teen hom opge-
staan het:[j] “Sal júlle Baäl wet-
lik verdedig om te sien of júl-
le hom kan red? Elkeen wat
hom wetlik verdedig, behoort
vanoggend nog doodgemaak
te word.[a] As hy God is,[b] laat
hy hom dan self wetlik verde-
dig,[c] omdat iemand sy altaar
afgebreek het.” **32** En hy het
hom op dié dag Jerub′baäl[d] be-
gin noem en gesê: “Laat Baäl
homself wetlik verdedig, om-
dat iemand sy altaar afgebreek
het.”[e]
**33** En die hele Mi′dian[f] en
A′malek[g] en die Oosterlinge[h]
het hulle soos een man versa-
mel[i] en deurgetrek en in die
laagvlakte van Jis′reël[j] kamp
opgeslaan. **34** En Jehovah se
gees[k] het Gi′deon omhul sodat
hy op die horing geblaas het,[l]
en die Abiësriete[m] is bymekaar-
geroep om hom te volg. **35** En
hy het boodskappers[n] deur die
hele Manas′se uitgestuur, en
ook hulle is bymekaargeroep
om hom te volg. Hy het ook
boodskappers deur Aser en Se′-
bulon en Naf′tali uitgestuur, en
hulle het opgetrek om hom te
ontmoet.
**36** Toe het Gi′deon vir die
ware God gesê: “As u Israel
deur middel van my red, net
soos u beloof het[o]— **37** kyk,
ek laat ’n vlies wol onbedek
op die dorsvloer lê. As daar op
die vlies alleen dou is, maar
die grond oral droog is, dan
sal ek weet dat u Israel deur
middel van my sal red, net soos
u beloof het.” **38** En dit was
so. Toe hy vroeg die volgen-
de dag opstaan en die vlies uit-
wring, het hy genoeg dou uit
die vlies gekry om ’n groot fees-
bak vol water te maak. **39** Gi′-
deon het egter vir die ware God
gesê: “Moenie u toorn teen my
laat ontvlam nie, maar laat my
nog net een keer praat. Laat

**HFST. 6**
a Ge 22:14; Eks 17:15
b Rig 8:32; Rig 9:5
c Eks 23:24; De 12:3
d Eks 34:13; De 7:5; 1Ko 8:4
e De 12:1
f Mt 10:16
g De 12:3; 2Kn 18:4; 2Kr 31:1
h Jer 26:11; Joh 16:2
i Rig 6:11
j Eks 23:2; Rig 6:28

**Tweede kol.**
a De 13:5; De 17:3; De 17:5
b Eks 15:11; Ps 115:5; Da 2:47; 1Ko 8:5
c 1Kn 18:26; 1Kn 18:39; Jes 41:23; Jer 10:5; 1Ko 8:4
d 1Sa 12:11; 2Sa 11:21
e 1Kn 18:27
f Ge 25:2; Nu 25:17; Rig 6:2
g Ge 36:12; Eks 17:16; Nu 24:20; De 25:19
h Ge 29:1; Rig 6:3
i Rig 7:12
j Jos 17:16; Jos 19:18
k Rig 3:10; Rig 11:29; Rig 13:25; Rig 14:6; Rig 15:14; Jes 63:11; Sag 4:6
l Rig 3:27; Sef 1:16
m Jos 17:2; Rig 8:2
n Rig 11:12; 2Kr 30:6
o Rig 6:14

my asseblief nog net een keer
met die vlies ’n proef neem.
Laat asseblief die vlies alleen
droog bly, en laat daar oral op
die grond dou wees.” **40** Toe
het God daardie nag so gedoen;
en dit was op die vlies alleen
droog, en oral op die grond was
daar dou.

**7** Toe het Jerub′baäl,[a] dit wil
sê Gi′deon,[b] en al die man-
skappe wat by hom was, vroeg
opgestaan en by die put Harod
kamp opgeslaan; en die kamp
van Mi′dian was noord van
hom, by die heuwel More′, in
die laagvlakte. **2** Jehovah het
toe vir Gi′deon gesê: “Die man-
skappe wat by jou is, is te veel
vir my om Mi′dian in hulle hand
te gee.[c] Miskien sal Israel met
homself teenoor my spog[d] deur
te sê: ‘Mý hand het my gered.’[e]
**3** En roep dan nou asseblief ten
aanhore van die manskappe uit
en sê: ‘Wie is bang en bewe?
Laat hy hom onttrek.’ ”[f] Toe het
Gi′deon hulle op die proef ge-
stel. Daarop het twee-en-twin-
tigduisend van die manskappe
hulle onttrek, en daar het tien-
duisend oorgebly.

**4** Maar Jehovah het vir Gi′-
deon gesê: “Daar is nog te veel
manskappe.[g] Laat hulle na die
water afgaan sodat ek hulle
daar vir jou op die proef kan
stel. En elkeen van wie ek vir
jou sê: ‘Hierdie een sal saam
met jou gaan’, hy sal saam
met jou gaan, maar elkeen
van wie ek vir jou sê: ‘Hierdie
een sal nie saam met jou gaan
nie’, hy sal nie saamgaan nie.”
**5** Daarop het hy die manskap-
pe na die water laat afgaan.[h]

Toe het Jehovah vir Gi′deon
gesê: “Elkeen wat van die water
met sy tong oplek soos ’n hond
lek, moet jy eenkant sit, ook
elkeen wat op sy knieë vooroor
buig om te drink.”[a] **6** En die
getal van dié wat gelek het met
hulle hand na hulle mond, was
driehonderd man. Wat die res
van die manskappe betref, hul-
le het almal op hulle knieë voor-
oor gebuig om water te drink.

**7** Jehovah het toe vir Gi′de-
on gesê: “Deur die driehonderd
man wat gelek het, sal ek jul-
le red, en ek sal Mi′dian in
jou hand gee.[b] Wat al die an-
der manskappe betref, laat hul-
le elkeen na sy plek gaan.”
**8** Toe het hulle die padkos van
die manskappe en hulle ho-
rings[c] in hulle hand geneem, en
al die manne van Israel het hy
elkeen na sy huis weggestuur;
en hy het die driehonderd man
gehou. Wat die kamp van Mi′-
dian betref, dit was onderkant
hom in die laagvlakte.[d]

**9** En gedurende daardie
nag[e] het Jehovah vir hom gesê:
“Staan op, gaan af na die kamp,
want ek het dit in jou hand ge-
gee.[f] **10** Maar as jy bang is om
af te gaan, gaan jy dan saam
met jou dienaar Pura af na die
kamp.[g] **11** En jy moet luister
na wat hulle sal sê,[h] en daarna
sal jou hande beslis sterk word,[i]
en jy sal beslis na die kamp af-
gaan.” Daarop het hy en sy die-
naar Pura afgegaan na die rand
van dié wat in slagorde in die
kamp was.

**12** En Mi′dian en A′malek en
al die Oosterlinge[j] het so talryk
soos sprinkane[k] in die laagvlak-
te gelê; en hulle kamele[l] was
sonder tal, so talryk soos die
sandkorrels wat aan die see-
strand is. **13** Gi′deon het toe
gekom, en kyk! ’n man het vir
sy metgesel ’n droom vertel, en
hy het gesê: “Hier is ’n droom
wat ek gedroom het.[m] En kyk!
’n ronde koek garsbrood het in
die kamp van Mi′dian ingerol.

HFST. 7
a Rig 6:32; 1Sa 12:11
b Rig 6:11
c 1Sa 14:6; 2Kr 14:11
d Jes 2:11
e 1Sa 17:47; Ps 44:7; Jes 10:13; 1Ko 1:29; 2Ko 4:7
f De 20:8
g 2Kr 32:8; Ps 33:16
h Ps 7:9

Tweede kol.
a 1Pe 5:8
b Rig 7:2; 1Sa 14:6; Jes 41:14; Heb 11:34
c Jos 6:4; Rig 3:27
d Rig 6:33
e Job 4:13; Job 33:15
f De 7:2; Rig 3:10; Rig 4:14; 2Kr 16:8; 2Kr 20:17
g 2Ko 13:5
h Rig 7:13
i 1Sa 23:16; Esr 6:22; Ne 6:9; Jes 35:3
j Rig 6:33
k Jer 46:23
l Rig 6:5
m Mt 2:12

Toe het dit by ’n tent gekom en
dit getref sodat dit geval het,[a]
en dit het dit onderstebo ge-
keer, en die tent het inmekaar-
geval.” **14** Hierop het sy met-
gesel geantwoord[b] en gesê: “Dit
is niks anders nie as die swaard
van Gi′deon,[c] die seun van Joas,
’n man van Israel. Die ware
God[d] het Mi′dian en die hele
kamp in sy hand gegee.”[e]

**15** En onmiddellik nadat Gi′-
deon die vertelling van die
droom en sy verklaring ge-
hoor het,[f] het hy begin aanbid.[g]
Daarna het hy na die kamp
van Israel teruggekeer en gesê:
“Staan op,[h] want Jehovah het
die kamp van Mi′dian in julle
hand gegee.” **16** Toe het hy
die driehonderd man in drie af-
delings verdeel en horings[i] in
die hande van hulle almal ge-
sit en groot leë kruike, en fak-
kels binne-in die groot kruike.
**17** En hy het vir hulle gesê:
“Julle moet leer deur my dop te
hou, en julle moet net so maak.
En wanneer ek by die rand van
die kamp kom, moet julle doen
net soos ek sal doen. **18** Wan-
neer ek op die horing geblaas
het, ek en almal wat saam met
my is, moet ook júlle op die
horings blaas, rondom die hele
kamp,[j] en julle moet sê: ‘Jeho-
vah s’n[k] en Gi′deon s’n!’ ”

**19** Na verloop van tyd het
Gi′deon met die honderd man
wat saam met hom was, by
die rand van die kamp gekom,
aan die begin van die mid-
delste nagwaak.[l] Hulle het die
wagte net klaar uitgesit. En
hulle het op die horings ge-
blaas[m] en die groot waterkrui-
ke wat in hulle hande was, stuk-
kend geslaan.[n] **20** Daarop het
die drie afdelings op die horings
geblaas[o] en die groot kruike
verbrysel en met hulle linker-
hand weer die fakkels gegryp
en met hulle regterhand die ho-
rings om daarop te blaas, en
hulle het begin uitroep: “Je-
hovah[a] se swaard en Gi′deon
s’n!” **21** Die hele tyd het hul-
le elkeen op sy plek rondom
die kamp bly staan, en die hele
kamp het op loop gegaan en be-
gin skreeu en gevlug.[b] **22** En
die driehonderd[c] het op die ho-
rings bly blaas,[d] en Jehovah het
in die hele kamp die swaard
van die een teen die ander ge-
rig;[e] en die kamp het bly vlug
tot by Bet-Sitta, toe na Sere′ra,
tot aan die rand van A′bel-Me-
ho′la[f] by Tabbat.

**23** Intussen is die manne van
Israel uit Naf′tali[g] en Aser[h] en
die hele Manas′se[i] bymekaarge-
roep, en hulle het Mi′dian agter-
nagesit.[j] **24** En Gi′deon het
boodskappers na die hele berg-
streek van E′fraim[k] gestuur en
gesê: “Trek af om Mi′dian te
ontmoet, en beset voor hulle die
waters tot by Bet-Bara en die
Jordaan.” Toe is al die manne
van E′fraim bymekaargeroep,
en hulle het die waters tot by
Bet-Bara en die Jordaan beset.[l]
**25** Hulle het ook die twee vors-
te van Mi′dian gevange ge-
neem, naamlik Oreb en Seëb;[m]
en hulle het Oreb op die Oreb-
rots[n] doodgemaak, en hulle het
Seëb by die Seëbwynvat dood-
gemaak. En hulle het aangehou
om Mi′dian te agtervolg,[o] en
hulle het die kop van Oreb en
dié van Seëb na Gi′deon toe ge-
bring in die Jordaanstreek.[p]

**8** Toe het die manne van
E′fraim vir hom gesê: “Wat
is dit wat jy ons aangedoen
het deurdat jy ons nie geroep
het toe jy teen Mi′dian gaan
veg het nie?”[q] En hulle het
heftig met hom probeer rusie
soek.[r] **2** Uiteindelik het hy

**HFST. 7**
a Rig 6:16
b Nu 23:5
c Rig 6:11, Rig 6:14
d Jes 42:8
e Rig 7:7
f Ge 40:8, Rig 7:11
g Eks 4:31, 2Kr 20:18, Ps 95:6
h Rig 4:14
i Rig 7:8, Spr 20:18
j Rig 7:20
k 1Sa 17:47, 2Kr 20:17
l Ps 63:6, Lu 12:38
m Rig 7:8
n Rig 7:16
o Jos 6:4, Rig 7:18

**Tweede kol.**
a Eks 14:13, 2Kr 20:17
b Eks 14:25, De 28:7, 2Kn 7:7
c Jos 7:4, Rig 7:6
d Jos 6:6, Rig 7:8, Rig 7:16
e 1Sa 14:20, 2Kr 20:23, Jes 19:2, Ese 38:21, Sag 14:13
f 1Kn 4:12, 1Kn 19:16
g Jos 19:32, Rig 6:35
h Jos 19:24
i Jos 17:1
j 1Sa 14:22
k Rig 3:27
l Rig 3:28
m Rig 8:3, Ps 83:11
n Jes 10:26
o Rig 8:4
p 1Sa 17:54

**HFST. 8**
q Rig 7:2, Spr 8:13, Spr 16:18
r Rig 12:1, 2Sa 19:41, 2Kr 25:10

vir hulle gesê: “Wat het ek
dan nou in vergelyking met jul-
le gedoen?[a] Is die oesoorblyf-
sels van E′fraim[b] nie beter as
die druiweoes van Abiëser[c] nie?
3 God het Mi′dian se vorste
Oreb en Seëb in julle hand ge-
gee,[d] en wat kon ek in verge-
lyking met julle doen?” Toe hy
hierdie woord spreek, het hulle
gees teenoor hom bedaar.[e]

4 Uiteindelik het Gi′deon by
die Jordaan gekom, en hy en die
driehonderd man wat saam met
hom was, het deurgetrek, moeg
maar steeds besig met die ag-
tervolging. 5 Later het hy vir
die manne van Sukkot[f] gesê:
“Gee asseblief ronde brode aan
die manskappe wat in my voet-
spore volg,[g] want hulle is moeg
en ek is besig om Seba[h] en Sal′-
munna,[i] die konings van Mi′di-
an, agterna te sit.” 6 Maar die
vorste van Sukkot het gesê: “Is
die palms van Seba en van Sal′-
munna reeds in jou hand so-
dat daar aan jou leër brood
gegee moet word?”[j] 7 Hierop
het Gi′deon gesê: “Daarom sal
ek beslis julle vlees met die do-
rings van die wildernis en die
doringstruike dors[k] wanneer
Jehovah Seba en Sal′munna in
my hand gee.” 8 En hy het
daarvandaan verder getrek na
Pnuel[l] en het net so met hul-
le gepraat, maar die manne van
Pnuel het hom geantwoord net
soos die manne van Sukkot ge-
antwoord het. 9 Hy het der-
halwe ook vir die manne van
Pnuel gesê: “Wanneer ek in vre-
de terugkeer, sal ek hierdie to-
ring afbreek.”[m]

10 En Seba en Sal′munna[n]
was in Karkor, en hulle kampe
saam met hulle, ongeveer vyf-
tienduisend, wat al was wat van
die hele kamp van die Ooster-
linge oorgebly het;[o] en dié wat
reeds geval het, was honderd-
en-twintigduisend man wat die
swaard kon trek.[a] 11 En Gi′-
deon het verder getrek langs
die weg van dié wat oos van
Nobag en Jog′beha[b] in tente ge-
woon het en het op die kamp
begin toeslaan terwyl die kamp
nie op hulle hoede was nie.[c]
12 Toe Seba en Sal′munna vlug,
het hy hulle dadelik agtervolg
en Mi′dian se twee konings,
Seba en Sal′munna,[d] gevan-
ge geneem; en hy het die hele
kamp laat bewe.

13 En Gi′deon, die seun van
Joas, het van die oorlog begin
terugkeer oor die pas wat na
Heres opgaan. 14 Op pad het
hy ’n jong man van die manne
van Sukkot[e] gevange geneem
en hom uitgevra.[f] Toe het hy
vir hom die name neergeskryf
van die vorste[g] van Sukkot en
sy ouer manne, sewe-en-sewen-
tig man. 15 Daarop het hy na
die manne van Sukkot toe ge-
gaan en gesê: “Hier is Seba en
Sal′munna oor wie julle my ge-
hoon het deur te sê: ‘Is die
palms van Seba en van Sal′mun-
na reeds in jou hand sodat daar
aan jou vermoeide manne brood
gegee moet word?’ ”[h] 16 Toe
het hy die ouer manne van die
stad geneem en dorings van die
wildernis en doringstruike, en
hy het die manne van Sukkot
daarmee ’n les geleer.[i] 17 En
die toring van Pnuel[j] het hy af-
gebreek,[k] en hy het die manne
van die stad doodgemaak.

18 Hy het toe vir Seba en
Sal′munna[l] gesê: “Watter soort
manne was dit wat julle in Ta-
bor[m] doodgemaak het?” Hierop
het hulle gesê: “Soos u is, so was
elkeen van hulle, soos koning-
seuns van gestalte.” 19 Daar-
op het hy gesê: “Hulle was my
broers, die seuns van my moe-

HFST. 8
a Spr 15:28, Flp 2:3, 2Ti 2:24
b Rig 7:25, Spr 11:2
c Rig 6:11, Rig 6:34
d Rig 7:25, Ps 83:11
e Spr 14:29, Spr 15:1, Spr 25:15, Pr 10:4, Ga 5:23
f Ge 33:17, Jos 13:27, Ps 108:7
g 1Sa 25:8, 2Sa 17:28
h Rig 8:21
i Ps 83:11
j De 23:4, Rig 5:23, 1Sa 25:10, 1Sa 25:11, Spr 3:27, Jak 2:16
k Rig 8:16, Ga 6:7
l Ge 32:31, 1Kn 12:25
m Rig 8:17
n Rig 8:5, Ps 83:11
o Rig 7:12, Heb 11:34

Tweede kol.
a De 28:7
b Nu 32:35
c Rig 18:27, Spr 20:18
d Ps 83:11
e Rig 8:5
f Rig 1:24, 1Sa 30:15
g Rig 8:6
h Rig 8:6, Spr 3:27
i Rig 8:7, Spr 10:13, Spr 19:29
j Ge 32:31, Rig 8:8, 1Kn 12:25
k Rig 8:9
l Ps 83:11
m Ps 89:12

der. So waar as Jehovah lewe,
as julle hulle laat lewe het, sou
ek nie nodig gehad het om jul-
le dood te maak nie."[a] **20** Toe
het hy vir Jeter, sy eersgebore-
ne, gesê: "Staan op, maak hul-
le dood." En die jong man het
nie sy swaard getrek nie, om-
dat hy bang was, want hy was
nog 'n jong man.[b] **21** Toe het
Seba en Sal′munna gesê: "Staan
self op en val ons aan, want
soos 'n man is, so is sy mag."[c]
Daarop het Gi′deon opgestaan
en Seba en Sal′munna doodge-
maak[d] en die maanvormige sie-
rade geneem wat aan die nekke
van hulle kamele was.

**22** Later het die manne van
Israel vir Gi′deon gesê: "Heers
oor ons,[e] jy en jou seun sowel
as jou kleinseun, want jy het
ons uit die hand van Mi′dian
gered."[f] **23** Maar Gi′deon het
vir hulle gesê: "Ek sal nie oor
julle heers nie, en ook sal my
seun nie oor julle heers nie.[g]
Jehovah sal oor julle heers."[h]
**24** En Gi′deon het verder vir
hulle gesê: "Laat ek 'n ver-
soek tot julle rig: Gee elkeen
van julle vir my die neusring[i]
van sy buit." (Want hulle het
goue neusringe gehad, omdat
hulle Ismaeliete was.)[j] **25** Toe
het hulle gesê: "Ons sal dit se-
kerlik gee." Daarop het hulle 'n
mantel uitgesprei en elkeen die
neusring van sy buit daarop ge-
gooi. **26** En die gewig van die
goue neusringe wat hy gevra
het, was duisend-sewehonderd
goue sikkels, buiten die maan-
vormige sierade[k] en die oorbel-
le en die klere van purperrooi-
gekleurde wol[l] wat die konings
van Mi′dian gedra het en buiten
die kettinkies wat aan die nek-
ke van die kamele was.[m]

**27** En Gi′deon het 'n efod
daarvan gemaak[n] en dit in sy
stad Ofra[a] ten toon gestel; en
die hele Israel het daar onse-
delike gemeenskap daarmee be-
gin hou,[b] sodat dit vir Gi′de-
on en vir sy huisgesin 'n strik
was.[c]

**28** So is Mi′dian[d] voor die
kinders van Israel onderwerp,
en hulle het hulle hoof nie meer
opgehef nie; en hierna het die
land veertig jaar lank rus ge-
had in die dae van Gi′deon.[e]

**29** En Jerub′baäl,[f] die seun
van Joas, het weggegaan en in
sy huis gewoon.

**30** En Gi′deon het sewentig
seuns gehad[g] wat uit sy lendene
voortgekom het, want hy het
baie vrouens gehad. **31** Wat
sy byvrou betref wat in Sigem
was, ook sy het vir hom 'n
seun gebaar. Hy het hom toe
die naam Abime′leg[h] gegee.
**32** Uiteindelik het Gi′deon, die
seun van Joas, op 'n goeie ou-
derdom gesterf en is hy in die
graf van sy vader Joas in Ofra
van die Abiësriete[i] begrawe.

**33** En onmiddellik nadat Gi′-
deon gesterf het, het die kin-
ders van Israel weer onsedelike
gemeenskap met die Baäls be-
gin hou,[j] sodat hulle Baäl-Berit′
hulle god gemaak het.[k] **34** En
die kinders van Israel het nie
gedink aan Jehovah hulle God,[l]
wat hulle uit die hand van al
hulle vyande rondom verlos het
nie;[m] **35** en hulle het nie lief-
deryke goedhartigheid bewys[n]
teenoor die huisgesin van Je-
rub′baäl, Gi′deon, in ruil vir al
die goedheid wat hy teenoor Is-
rael bewys het nie.[o]

**9** Na verloop van tyd het Abi-
me′leg,[p] die seun van Je-
rub′baäl, na Sigem[q] gegaan, na
die broers van sy moeder, en
met hulle en met die hele fami-
lie van die huis van sy moeder
se vader begin praat en gesê:

**HFST. 8**

a Ge 9:6; Nu 35:19
b 1Sa 17:33
c Rig 6:12
d 1Sa 15:33; Ps 83:11
e De 17:14; Rig 9:8; 1Sa 8:6; 1Sa 12:12; Ho 13:10
f Rig 6:14
g 2Sa 22:26; Spr 2:8
h Eks 15:18; 1Sa 10:19; Ps 10:16; Ps 29:10; Ps 146:10; Jes 33:22; Jes 43:15; Da 4:3
i Ge 24:22
j Ge 16:11; Ge 25:13; Ge 28:9; Ge 37:28
k Rig 8:21; Jes 3:18
l Est 8:15; Jer 10:9; Ese 27:7
m Rig 8:21
n Eks 28:6; Rig 17:5; Rig 18:14

**Tweede kol.**

a Rig 6:11
b Eks 23:33; Rig 2:17; Ps 106:39; Ho 4:12
c Rig 8:33
d Rig 6:1; Ps 83:9
e Le 26:6; Rig 3:11; Rig 5:31
f Rig 6:32; 1Sa 12:11
g Rig 9:2
h Rig 9:1; 2Sa 11:21
i Rig 6:11; Rig 6:24
j Rig 2:17; Rig 2:19; Rig 10:6
k Rig 9:4
l Rig 3:7; Ps 106:36
m Ps 106:43
n Ge 40:23; Spr 3:27
o Rig 9:16; Pr 9:15; 2Ti 3:2

**HFST. 9**

p Rig 8:31; 2Sa 11:21
q Ge 12:6; Ge 33:18; Ge 34:27; 1Kn 12:1; Han 7:16

2 “Spreek asseblief ten aanho-
re van al die grondeienaars van
Sigem: ‘Wat is vir julle beter,
dat sewentig man,[a] al die seuns
van Jerub′baäl, oor julle heers
of dat een man oor julle heers?
En julle moet onthou dat ek jul-
le been en julle vlees is.’ ”[b]

3 Toe het die broers van sy
moeder al hierdie woorde oor
hom ten aanhore van al die
grondeienaars van Sigem begin
spreek sodat hulle hart tot Abi-
me′leg geneig het,[c] want hul-
le het gesê: “Hy is ons broer.”[d]
4 Toe het hulle vir hom sewen-
tig silwerstukke uit die huis
van Baäl-Berit′[e] gegee, en daar-
mee het Abime′leg leeglêers en
vermetele manne gehuur[f] om
hom te vergesel. 5 Daarna
het hy na die huis van sy vader
in Ofra[g] gegaan en sy broers,
die seuns van Jerub′baäl, se-
wentig man, op een klip dood-
gemaak,[h] maar Jotam, die jong-
ste seun van Jerub′baäl, het
oorgebly, omdat hy weggekruip
het.

6 Daarna het al die grond-
eienaars van Sigem en die hele
huis Millo[i] bymekaargekom en
gegaan en dit bewerkstellig dat
Abime′leg as koning regeer,[j]
naby die groot boom,[k] die pilaar
wat in Sigem was.[l]

7 Toe hulle dit vir Jotam ver-
tel, het hy dadelik op die top
van die berg Geri′sim[m] gaan
staan en sy stem verhef en uit-
geroep en vir hulle gesê: “Luis-
ter na my, o grondeienaars van
Sigem, en laat God na julle luis-
ter:

8 “Eenkeer het die bome ge-
gaan om ’n koning oor hulle te
salf. En hulle het vir die olyf-
boom[n] gesê: ‘Wees tog koning
oor ons.’[o] 9 Maar die olyf-
boom het vir hulle gesê: ‘Moet
ek my vettigheid opgee waar-
mee hulle God en die mense ver-
heerlik,[a] en moet ek oor die an-
der bome gaan wuif?’[b] 10 Toe
het die bome vir die vyeboom[c]
gesê: ‘Kom, wees jy koningin
oor ons.’ 11 Maar die vye-
boom het vir hulle gesê: ‘Moet
ek my soetigheid en my goeie
opbrengs opgee, en moet ek oor
die ander bome gaan wuif?’[d]
12 Daarna het die bome vir die
wingerdstok gesê: ‘Kom, wees
jy koningin oor ons.’ 13 Toe
het die wingerdstok vir hulle
gesê: ‘Moet ek my nuwe wyn
opgee wat God en die men-
se vrolik maak,[e] en moet ek
oor die bome gaan wuif?’
14 Laastens het al die ander
bome vir die doringstruik[f] gesê:
‘Kom, wees jy koning oor ons.’
15 Hierop het die doringstruik
vir die bome gesê: ‘As julle my
waarlik as koning oor julle salf,
moet julle in my skaduwee toe-
vlug kom soek.[g] Maar so nie,
laat daar dan vuur[h] van die do-
ringstruik uitgaan en die se-
ders[i] van Li′banon[j] verteer.’

16 “En as julle dan nou in
waarheid en in onberispelik-
heid opgetree en Abime′leg ko-
ning gemaak het,[k] en as julle
goedheid teenoor Jerub′baäl en
sy huisgesin bewys het, en as
julle aan hom gedoen het soos
die dade van sy hande verdien
het, 17 toe my vader vir jul-
le geveg het[l] en sy siel ge-
waag het[m] om julle uit Mi′di-
an[n] se hand te verlos— 18 en
júlle het vandag teen die huis-
gesin van my vader opgestaan
om sy seuns,[o] sewentig man,[p]
op een klip dood te maak en om
Abime′leg, die seun van sy sla-
vin,[q] oor die grondeienaars van
Sigem koning[r] te maak net om-
dat hy julle broer is— 19 ja,
as julle vandag in waarheid en
in onberispelikheid teenoor Je-

**HFST. 9**
a Rig 8:30
b Ge 29:14; 1Kr 11:1
c 2Sa 15:6
d Rig 8:31
e Rig 8:33; Rig 9:46
f 2Kr 13:7; Han 17:5
g Rig 6:11; Rig 8:27
h 2Kn 11:1; 2Kr 21:4
i Rig 9:20
j De 17:14; Rig 8:22; 1Sa 8:7
k Ge 35:4; Jos 24:26
l Rig 9:1
m De 11:29; Jos 8:33; Joh 4:20
n Ho 14:6
o Rig 8:22

**Tweede kol.**
a Eks 29:2; Le 2:1
b Spr 29:23; Mt 23:12; Ro 12:16
c Jl 2:22
d Spr 16:19
e Ps 104:15; Spr 31:6; Pr 2:3; Pr 10:19
f Rig 9:6; 2Kn 14:9; Ps 58:9; Spr 15:25; Spr 16:18
g Rig 9:19; Ga 6:3
h Rig 9:20; Rig 9:45; Rig 9:49; Jes 13:11
i 2Kn 14:9; Jes 2:13; Jes 37:24; Ese 31:3; Am 2:9; Sag 11:2
j De 11:24; Jos 1:4
k De 17:15; Rig 9:6; Rig 9:15
l Rig 7:9
m Est 4:16; Ro 16:4
n Rig 8:28; Ps 83:9
o Rig 9:5
p Rig 8:30
q Rig 8:31
r Rig 9:6

rub′baäl en sy huisgesin opge-
tree het, moet julle oor Abime′-
leg bly wees, en laat hy ook
oor julle bly wees.[a] **20** Maar
so nie, laat daar dan vuur[b] van
Abime′leg uitgaan en die grond-
eienaars van Sigem en die huis
Millo verteer,[c] en laat daar
vuur[d] van die grondeienaars
van Sigem en die huis Millo uit-
gaan en Abime′leg verteer."[e]

**21** Toe het Jotam[f] gevlug en
weggehardloop en na Beër ge-
gaan, en hy het daar gaan woon
weens sy broer Abime′leg.

**22** En Abime′leg het drie
jaar lank die vors oor Israel ge-
speel.[g] **23** Toe het God 'n sleg-
te gees[h] tussen Abime′leg en
die grondeienaars van Sigem
laat ontstaan, en die grond-
eienaars van Sigem het verra-
derlik[i] met Abime′leg gehandel,
**24** sodat die geweld wat die se-
wentig seuns van Jerub′baäl
aangedoen is, sou kom[j] en so-
dat hy hulle bloed kon plaas
op hulle broer Abime′leg om-
dat hy hulle doodgemaak het,[k]
en op die grondeienaars van Si-
gem omdat hulle sy hande ver-
sterk het[l] om sy broers dood
te maak. **25** En die grondeie-
naars van Sigem het op die
bergtoppe manne in 'n hinder-
laag teen hom opgestel, en hul-
le het almal beroof wat op die
pad by hulle verbygegaan het.
Na verloop van tyd is Abime′leg
daarvan vertel.

**26** Toe het Gaäl,[m] die seun
van Ebed, en sy broers gekom
en na Sigem[n] oorgetrek, en die
grondeienaars van Sigem het
op hom begin vertrou.[o] **27** En
hulle het soos gewoonlik uitge-
gaan na die veld en die drui-
we van hulle wingerde ingesa-
mel en dit getrap en uitbundig
feesgevier,[p] waarna hulle in die
huis van hulle god ingegaan[q] en
geëet en gedrink[a] en 'n vloek
oor Abime′leg uitgespreek het.[b]
**28** En Gaäl, die seun van Ebed,
het gesê: "Wie is Abime′leg,[c] en
wie is Sigem, dat ons hom moet
dien? Is hy nie die seun van Je-
rub′baäl[d] nie, en is Sebul[e] nie
een van sy hoofbeamptes nie?
Dien julle ander maar die man-
ne van Hemor,[f] Sigem se vader,
maar waarom moet óns hom
dien? **29** En was hierdie volk
tog maar in my hand![g] Dan sou
ek Abime′leg afsit." En hy het
vir Abime′leg gesê: "Maak jou
leër talryk en trek uit."[h]

**30** En Sebul, die vors van die
stad, het die woorde van Gaäl,
die seun van Ebed,[i] te hore ge-
kom. Toe het sy toorn ontvlam.
**31** En hy het onder 'n voor-
wendsel boodskappers na Abi-
me′leg toe gestuur om te sê:
"Kyk! Gaäl, die seun van Ebed,
en sy broers het nou na Si-
gem[j] gekom, en kyk, hulle
laat die stad teen u saamspan.
**32** Staan dan nou in die nag
op,[k] u en die manskappe wat
saam met u is, en lê hulle in
die veld voor.[l] **33** En môre-
oggend, sodra die son skyn,
moet u vroeg opstaan, en u
moet die stad bestorm; en wan-
neer hy en die manskappe wat
saam met hom is, teen u uit-
trek, moet u ook met hom doen
net soos u hand dit moontlik
vind."

**34** Toe het Abime′leg en al
die manskappe wat saam met
hom was, in die nag opgestaan,
en hulle het Sigem in vier af-
delings gaan voorlê. **35** Later
het Gaäl,[m] die seun van Ebed,
uitgegaan en by die ingang van
die stadspoort gaan staan. Toe
het Abime′leg en die manskap-
pe wat saam met hom was,
uit die plek van die hinder-
laag opgestaan. **36** Toe Gaäl

**HFST. 9**
a Spr 10:28; Spr 29:2
b Rig 9:15
c Rig 9:6; Rig 9:45; Rig 9:49
d Ps 28:4
e Rig 9:39; Rig 9:53
f Rig 9:5
g Spr 28:2
h 1Sa 16:14; 1Kn 12:15
i Spr 13:15; Jes 33:1; Mt 7:2; Ga 6:7
j De 32:35; 1Sa 15:33; Est 9:25
k Ge 9:6; Nu 35:16; Rig 9:5; 1Kn 2:32; Ps 7:16; Mt 23:35
l Eks 23:7; Rig 9:3
m Rig 9:28; Rig 9:41
n Ge 33:18; Ge 35:4; Jos 21:21; Jos 24:1; Rig 9:1
o Ps 146:3
p Jes 16:10; Jer 25:30; Jer 48:33
q Rig 8:33; Rig 9:4; Rig 9:46

**Tweede kol.**
a Eks 32:6; Da 5:4; Am 2:8
b 1Sa 17:43; 2Sa 16:5; Ps 4:4; Ps 39:1
c 1Sa 25:10; 2Sa 20:1; 1Kn 12:16
d Rig 6:32; 1Sa 12:11
e Rig 9:41
f Ge 34:2
g 2Sa 15:4; Ps 10:3; Ro 1:30
h Spr 30:33
i Rig 9:26
j Jos 21:21; Jos 24:1; Rig 8:31
k Job 24:14
l Jos 8:4
m Rig 9:26

die manskappe sien, het hy da-
delik vir Sebul gesê: “Kyk! Daar
kom mense van die bergtoppe
af.” Maar Sebul het vir hom ge-
sê: “Jy sien die skaduwee van
die berge vir mense aan.”[a]

**37** Later het Gaäl weer eens
gepraat en gesê: “Kyk! Daar
kom mense van die middel van
die land af, en een afdeling
kom uit die rigting van die
groot boom van Meo′nenim.”
**38** Hierop het Sebul vir hom
gesê: “Waar is daardie gesegde
van jou nou wat jy geuiter het:[b]
‘Wie is Abime′leg dat ons hom
moet dien?’[c] Is dit nie die man-
skappe wat jy verwerp het nie?[d]
Trek nou asseblief uit en veg
teen hulle.”

**39** Toe het Gaäl aan die spits
van die grondeienaars van Si-
gem uitgetrek en die stryd
teen Abime′leg aangeknoop.
**40** En Abime′leg het hom ag-
ternagesit, en hy het voor hom
gevlug; en die gesneuweldes
het in groot getalle bly val tot
by die ingang van die poort.

**41** En Abime′leg het in A′ru-
ma gebly, en Sebul[e] het Gaäl[f]
en sy broers verdryf sodat hul-
le nie meer in Sigem[g] kon woon
nie. **42** En die volgende dag
het die mense na die veld be-
gin uitgaan. Toe het hulle dit
vir Abime′leg[h] vertel. **43** Hy
het derhalwe die manskappe
geneem en hulle in drie afde-
lings verdeel[i] en hulle in die
veld gaan voorlê. Toe het hy
gekyk, en daar het die mense
uit die stad uitgegaan. Hy het
toe teen hulle opgestaan en
hulle verslaan. **44** En Abime′-
leg en die afdelings wat saam
met hom was, het gestorm so-
dat hulle by die ingang van die
stadspoort kon staan, terwyl
twee afdelings almal bestorm
het wat in die veld was, en hul-
le het hulle verslaan.[a] **45** En
Abime′leg het daardie hele dag
teen die stad geveg en die stad
ingeneem; en hy het die mense
doodgemaak wat daarin was,[b]
waarna hy die stad afgebreek[c]
en dit met sout besaai het.[d]

**46** Toe al die grondeienaars
van die toring van Sigem daar-
van hoor, het hulle onmiddel-
lik na die kelder van die huis
van El-Berit′[e] gegaan. **47** Toe
is daar aan Abime′leg berig ge-
bring dat al die grondeienaars
van die toring van Sigem by-
mekaargekom het. **48** Daar-
op het Abime′leg teen die berg
Salmon[f] opgeklim, hy en al die
manskappe wat saam met hom
was. Abime′leg het toe ’n byl
in sy hand geneem en ’n boom-
tak afgekap en dit opgetel en op
sy skouer gesit en vir die man-
skappe wat saam met hom was,
gesê: “Wat julle my sien doen
het—maak gou, doen soos ek!”[g]
**49** Daarop het al die manskap-
pe ook elkeen vir hom ’n tak af-
gekap en Abime′leg gevolg. Toe
het hulle dit teen die kelder ge-
sit, en hulle het die kelder bo-
op hulle aan die brand gesteek,
sodat al die mense van die to-
ring van Sigem ook gesterf het,
ongeveer duisend manne en
vroue.[h]

**50** En Abime′leg het na Te-
bes[i] getrek en teen Tebes
kamp opgeslaan en dit inge-
neem. **51** Aangesien daar ’n
sterk toring in die middel van
die stad was, het al die man-
ne en vroue en al die grond-
eienaars van die stad daarheen
gevlug, waarna hulle dit ag-
ter hulle gesluit het en op die
dak van die toring geklim het.
**52** En Abime′leg het na die to-
ring gegaan en daarteen begin
veg, en hy het tot naby die in-
gang van die toring gegaan

HFST. 9
a Rig 9:32
b Ps 94:4, Spr 21:24, Jak 3:5
c Rig 9:28
d Rig 9:29
e Rig 9:30
f Rig 9:26
g Ge 35:4, Jos 21:21, Jos 24:1
h Rig 8:31, Rig 9:1, Rig 9:6
i Spr 20:18

Tweede kol.
a Rig 9:15
b Rig 9:20
c 1Kn 12:25
d De 29:23, Job 39:6, Ps 107:34, Jer 17:6
e Rig 8:33, Rig 9:4, Rig 9:27
f Ps 68:14
g Rig 7:17
h Rig 9:15, Rig 9:20
i 2Sa 11:21

om dit met vuur te verbrand.[a]
**53** Toe het 'n sekere vrou 'n
boonste meulsteen op Abime′-
leg se kop gegooi en sy skedel
verbrysel.[b] **54** Hy het dus gou
die dienaar geroep wat sy wa-
pens gedra het en vir hom gesê:
"Trek jou swaard en maak my
dood,[c] sodat hulle nie van my
sal sê: ''n Vrou het hom doodge-
maak' nie." Onmiddellik het sy
dienaar hom deurboor, sodat hy
gesterf het.[d]

**55** En toe die manne van Is-
rael sien dat Abime′leg gesterf
het, het hulle elkeen na sy plek
gegaan. **56** So het God die
kwaad van Abime′leg wat hy sy
vader aangedoen het deur sy se-
wentig broers dood te maak, op
hom laat terugkom.[e] **57** En al
die kwaad van die manne van
Sigem het God op hulle eie hoof
laat terugkom, sodat die ver-
vloeking[f] van Jotam,[g] die seun
van Jerub′baäl,[h] oor hulle sou
kom.[i]

**10** En ná Abime′leg het Tola,
die seun van Pua, die
seun van Dodo, 'n man uit Is′-
saskar, opgestaan om Israel
te red,[j] en hy het in Samir
in die bergstreek van E′fraim[k]
gewoon. **2** En hy het Israel
drie-en-twintig jaar lank gerig,
waarna hy gesterf het en in Sa-
mir begrawe is.

**3** Toe het Jaïr, die Gilea-
diet,[l] ná hom opgestaan, en hy
het Israel twee-en-twintig jaar
lank gerig. **4** En hy het dertig
seuns gehad wat op dertig vol-
groeide esels gery het,[m] en hul-
le het dertig stede gehad. Dié
noem hulle tot vandag toe nog
Hawwot-Jaïr;[n] hulle lê in die
land Gi′lead. **5** Daarna het
Jaïr gesterf en is hy in Kamon
begrawe.

**6** En die kinders van Israel
het weer gedoen wat sleg was
in die oë van Jehovah,[a] en hulle
het die Baäls[b] en die Asto′ret-
beelde[c] en die gode van Sirië[d]
en die gode van Sidon[e] en die
gode van Moab[f] en die gode van
die kinders van Ammon[g] en
die gode van die Filistyne[h] be-
gin dien. So het hulle Jehovah
verlaat en hom nie gedien nie.[i]
**7** Hierop het Jehovah se toorn
teen Israel ontvlam,[j] sodat hy
hulle in die hand van die Fili-
styne[k] en in die hand van die
kinders van Ammon[l] verkoop
het.[m] **8** Hulle het die kinders
van Israel derhalwe in daardie
jaar verpletter en hewig onder-
druk—agtien jaar lank, al die
kinders van Israel wat aan die
kant van die Jordaan was in die
land van die Amoriete, wat in
Gi′lead was. **9** En die kinders
van Ammon het deur die Jor-
daan getrek om selfs teen Juda
en Benjamin en die huis van
E′fraim te veg; en Israel was
baie benoud.[n] **10** En die kin-
ders van Israel het tot Jehovah
om hulp begin roep[o] en gesê:
"Ons het teen u gesondig,[p] om-
dat ons ons God verlaat het en
die Baäls dien."[q]

**11** Toe het Jehovah vir die
kinders van Israel gesê: "Was
dit nie uit Egipte[r] en van die
Amoriete[s] en van die kinders
van Ammon[t] en van die Filisty-
ne[u] **12** en die Sidoniërs[v] en
A′malek[w] en Mi′dian,[x] toe hul-
le julle onderdruk het[y] en jul-
le tot my geroep het, dat ek jul-
le uit hulle hand gered het
nie? **13** Wat julle betref, julle
het my versaak[z] en ander gode
begin dien.[a] Daarom sal ek jul-
le nie weer red nie.[b] **14** Gaan
roep om hulp tot die gode[c] wat

**HFST. 9**
a Rig 9:48; Rig 9:49
b Rig 4:9; Rig 5:26; 2Sa 11:21; 2Sa 20:22; Job 31:3
c 1Sa 31:4
d Ps 37:2
e Ge 9:6; Rig 9:5; Rig 9:24; 1Sa 25:39; Ps 58:10; Ps 94:23; Spr 5:22; Ga 6:7
f Rig 9:20
g Rig 9:7
h Rig 6:32; Rig 7:1; Rig 8:35
i Rig 9:45

**HFST. 10**
j Rig 2:16
k Jos 17:15
l Ge 31:48; Nu 32:29
m Rig 5:10; Rig 12:14
n De 3:14

**Tweede kol.**
a De 28:15; Rig 2:11; Rig 2:19; Rig 4:1; Rig 6:1; Ne 9:28
b Rig 3:7; Ps 106:36; Ps 106:38
c De 27:15; Rig 2:13; 1Sa 7:3
d Rig 2:12; 2Kr 28:23
e 1Kn 11:33; 1Kn 16:31
f Nu 25:2; Rut 1:15; 2Kn 23:13
g 1Kn 11:5
h Rig 16:23; 1Sa 5:4; 2Kn 1:2
i De 32:18; 2Kr 15:2
j Le 26:18; De 31:17; Rig 2:14
k 1Sa 12:9
l Nu 33:56; Rig 3:13
m De 28:48; Rig 4:2; Ps 44:12
n De 28:25; 2Kr 15:6
o De 4:30; Rig 2:18; Ps 106:44; Ps 107:13
p 1Sa 12:10
q Rig 2:13; Rig 3:7

r Eks 14:30; 1Sa 12:8; Ps 78:51; Heb 11:29; s Nu 21:25; Ps 135:11; t Rig 3:13; u Rig 3:31; v Rig 3:3; Rig 5:19; w Rig 6:3; x Rig 6:1; y Ps 106:42; z De 32:15; 2Kr 15:2; a Rig 2:12; b Klg 3:44; Mi 3:4; c Ps 115:6; Jes 45:20; Jes 46:7.

julle gekies het.[a] Laat dié julle
in die tyd van julle benoudheid
red.” **15** Maar die kinders van
Israel het vir Jehovah gesê:
“Ons het gesondig.[b] Doen u met
ons volgens alles wat goed is
in u oë.[c] Verlos ons asseblief
net vandag.”[d] **16** En hulle het
die vreemde gode uit hulle mid-
de begin verwyder[e] en Jehovah
gedien,[f] sodat sy siel[g] ongedul-
dig geraak het weens die moei-
te van Israel.[h]

**17** Na verloop van tyd is die
kinders van Ammon[i] byme-
kaargeroep en het hulle in Gi′-
lead[j] kamp opgeslaan. Daarom
het die kinders van Israel by-
mekaargekom en in Mispa[k]
kamp opgeslaan. **18** En die
manskappe en die vorste van
Gi′lead het vir mekaar begin
sê: “Wie is die man wat die lei-
ding sal neem in die geveg teen
die kinders van Ammon?[l] Laat
hy die hoof van al die inwoners
van Gi′lead word.”[m]

**11** En Jefta,[n] die Gileadiet,[o]
het ’n sterk, dapper man
geword,[p] en hy was die seun
van ’n prostituut,[q] en Gi′lead
was die vader van Jefta. **2** En
Gi′lead se vrou het vir hom
seuns bly baar. Toe die seuns
van die vrou groot word, het
hulle Jefta verdryf en vir hom
gesê: “Jy mag geen erfdeel in
die huisgesin van ons vader hê
nie,[r] want jy is die seun van
’n ander vrou.” **3** Daarop het
Jefta weens sy broers gevlug en
in die land Tob[s] gaan woon. En
leeglêers het hulle by Jefta bly
skaar, en hulle het saam met
hom uitgetrek.[t]

**4** En na ’n ruk het die kin-
ders van Ammon teen Israel be-
gin veg.[u] **5** En toe die kinders
van Ammon teen Israel veg,[v]
het die ouer manne van Gi′lead
Jefta onmiddellik uit die land
Tob gaan haal.[a] **6** Toe het hul-
le vir Jefta gesê: “Kom dien tog
as ons aanvoerder, en laat ons
teen die kinders van Ammon
veg.” **7** Maar Jefta het vir die
ouer manne[b] van Gi′lead gesê:
“Was dit nie julle wat my ge-
haat het sodat julle my uit my
vader se huis verdryf het nie?[c]
En waarom het julle nou na my
toe gekom, noudat julle in be-
noudheid verkeer?”[d] **8** Hier-
op het die ouer manne van Gi′-
lead vir Jefta gesê: “Daarom
het ons nou na jou toe terugge-
keer,[e] en jy moet saam met
ons gaan en teen die kinders
van Ammon veg, en jy moet vir
ons die hoof van al die inwo-
ners van Gi′lead word.”[f] **9** Toe
het Jefta vir die ouer manne
van Gi′lead gesê: “As julle my
terugbring om teen die kin-
ders van Ammon te veg en Je-
hovah hulle aan my oorlewer,[g]
dan sal ek julle hoof word!”
**10** Daarop het die ouer man-
ne van Gi′lead vir Jefta gesê:
“Laat Jehovah die toehoorder
tussen ons wees[h] as ons nie
volgens jou woord handel nie.”[i]
**11** Gevolglik het Jefta saam
met die ouer manne van Gi′le-
ad gegaan, en die volk het hom
as hoof en aanvoerder oor hul-
le aangestel.[j] En Jefta het al sy
woorde voor Jehovah[k] in Mispa[l]
gespreek.

**12** Toe het Jefta boodskap-
pers na die koning van die kin-
ders van Ammon[m] gestuur en
gesê: “Wat het ek met u te
doen,[n] dat u teen my gekom het
om in my land te veg?” **13** Toe
het die koning van die kinders
van Ammon vir die boodskap-
pers van Jefta gesê: “Dit is om-
dat Israel my land geneem het
toe hulle uit Egipte gekom het,[o]
van die Arnon[p] af tot by die
Jabbok en tot by die Jordaan.[q]

**HFST. 10**

a De 32:37; 1Kn 18:27; Jer 2:28
b 1Kn 8:46; Jer 3:25
c 1Sa 3:18; 1Sa 12:10; 2Sa 15:26
d De 4:29; Rig 10:8
e De 7:26; 2Kr 7:14; 2Kr 15:8; 2Kr 33:15
f Eks 20:2; Jer 18:8
g Le 26:11; Jes 1:14; Jes 42:1
h 2Kr 33:13; Ps 106:44; Jes 63:9; Jer 31:20
i Ge 19:38; Rig 3:13; Rig 10:7
j Ge 31:21; Nu 32:29
k Rig 11:29
l Rig 11:1
m Rig 11:11; Rig 12:7

**HFST. 11**

n 1Sa 12:11; Heb 11:32
o Rig 12:7
p Rig 6:12; 2Kn 5:1
q Jos 2:1; 1Ko 6:11
r Ge 21:10; De 21:15
s Rig 11:5
t 1Sa 22:2
u Rig 10:17
v Rig 10:9

**Tweede kol.**

a Rig 11:3
b Jos 20:4; Rig 8:14
c Ge 26:27; De 21:17; Rig 11:2
d Spr 17:17
e Lu 17:4
f Rig 10:18
g De 7:23; Ps 44:3; Spr 3:6
h Ge 31:50; 1Sa 12:5; Jer 42:5
i Eks 20:7; Le 19:12
j Rig 11:8
k De 6:13
l Rig 10:17; Rig 11:34
m Ge 19:38; Rig 10:17
n Jos 22:24; 2Sa 16:10
o Nu 21:24; Spr 19:5
p Nu 21:26
q De 3:16; De 3:17

Gee dit dan nou in vrede terug.” **14** Maar Jefta het weer eens boodskappers na die koning van die kinders van Ammon gestuur **15** en vir hom gesê:

“Só het Jefta gesê: ‘Israel het nie die land Moab[a] en die land van die kinders van Ammon geneem nie.[b] **16** Want toe hulle uit Egipte gekom het, het Israel deur die wildernis tot by die Rooi See getrek[c] en by Kades[d] gekom. **17** Toe het Israel boodskappers na die koning van Edom[e] gestuur en gesê: “Laat my asseblief deur u land trek”, en die koning van Edom het nie geluister nie. En hulle het ook na die koning van Moab[f] gestuur, en hy het nie ingestem nie. En Israel het in Kades gebly.[g] **18** Toe hulle verder deur die wildernis trek, het hulle om die land Edom[h] en die land Moab gegaan, sodat hulle in die rigting van die sonsopgang gegaan het wat die land Moab betref[i] en in die streek van die Arnon kamp opgeslaan het; en hulle het nie binne die grens van Moab[j] gekom nie, want die Arnon was die grens van Moab.[k]

**19** “ ‘Daarna het Israel boodskappers na Sihon, die koning van die Amoriete, die koning van Hesbon,[l] gestuur, en Israel het vir hom gesê: “Laat ons asseblief deur u land na my plek trek.”[m] **20** En Sihon het nie seker gevoel oor Israel se deurtog deur sy gebied nie, en Sihon het al sy manskappe versamel en in Jahas[n] kamp opgeslaan en teen Israel geveg.[o] **21** Hierop het Jehovah, die God van Israel, Sihon en sy hele volk in Israel se hand gegee, sodat hulle hulle verslaan het en Israel die hele land van die Amoriete, wat in daardie land gewoon het, in besit geneem het.[a] **22** So het hulle die hele gebied van die Amoriete in besit geneem, van die Arnon af tot by die Jabbok en van die wildernis af tot by die Jordaan.[b]

**23** “ ‘En dit was dan Jehovah, die God van Israel, wat die Amoriete voor sy volk Israel uit verdryf het, uit hulle besitting,[c] en wat u betref, u wil hulle uit hulle besitting verdryf. **24** Sal u nie elkeen uit sy besitting verdryf wat u god Kamos[d] u uit sy besitting laat verdryf nie? En elkeen wat Jehovah ons God voor ons uit verdryf het, uit sy besitting, dié sal ons uit sy besitting verdryf.[e] **25** En is u dan nou enigsins beter as Balak, die seun van Sippor, die koning van Moab?[f] Het hy ooit met Israel getwis, of het hy ooit teen hulle geveg? **26** Waarom het julle terwyl Israel driehonderd jaar lank in Hesbon en sy afhanklike dorpe[g] en in A′roër[h] en sy afhanklike dorpe en in al die stede gewoon het wat langs die oewers van die Arnon lê, hulle dan nooit gedurende daardie tyd weggeruk nie?[i] **27** Wat my betref, ek het nie teen u gesondig nie, maar u handel verkeerd met my deur teen my te veg. Laat Jehovah, die Regter,[j] vandag tussen die kinders van Israel en die kinders van Ammon oordeel.’ ”

**28** En die koning van die kinders van Ammon het nie geluister na die woorde van Jefta wat hy na hom gestuur het nie.[k]

**29** Jehovah se gees het toe op Jefta gekom,[l] en hy het deur Gi′lead en Manas′se getrek en het deur Mispe in Gi′lead[m] getrek, en van Mispe in Gi′lead af het hy verder getrek na die kinders van Ammon.

**HFST. 11**
a Ge 19:37, De 2:9
b De 2:19, De 2:37, 2Kr 20:10
c Nu 14:25, De 1:40
d Ge 16:14, Nu 20:1
e Ge 36:1, Nu 20:14, De 2:4
f Ge 19:37, De 2:9
g Nu 20:22
h Nu 21:4
i Nu 21:11
j Nu 21:13
k Nu 22:36
l Nu 21:21, De 2:26, Jos 13:10
m Nu 21:22, De 2:27
n De 2:32
o Nu 21:23

**Tweede kol.**
a Nu 21:24, De 2:33, Jos 13:15, Jos 13:21, Ps 135:11
b De 2:36, Jos 12:2
c Nu 21:26, Ne 9:22
d Nu 21:29, 1Kn 11:7, Jer 48:7
e Eks 23:28, Eks 34:11, Nu 33:53, De 7:16, De 9:5, De 18:12, 2Kr 20:7, Ps 44:2
f Nu 22:2, De 23:3, Jos 24:9
g Nu 21:25, De 2:24, De 3:2, Jos 12:2, Jos 13:10
h De 2:36, De 3:12
i Nu 21:26
j Ge 18:25, 1Sa 24:15, Jes 33:22
k Rig 11:14
l Rig 3:10, Sag 4:6
m Rig 10:17

**30** Toe het Jefta ’n gelof-
te[a] aan Jehovah gedoen en ge-
sê: “As u vir seker die kinders
van Ammon in my hand gee,
**31** sal die een wat uitkom, wat
my uit die deure van my huis
tegemoetkom wanneer ek in
vrede van die kinders van Am-
mon af terugkeer,[b] ook aan Je-
hovah behoort,[c] en ek sal daar-
die een as ’n brandoffer bring.”[d]
**32** Toe het Jefta verder ge-
trek na die kinders van Am-
mon om teen hulle te veg, en
Jehovah het hulle in sy hand
gegee. **33** En hy het hulle die
hele ent van A′roër af tot by
Minnit[e]—twintig stede—en tot
by A′bel-Kera′mim met ’n baie
groot slagting verslaan. So is
die kinders van Ammon voor
die kinders van Israel onder-
werp.
**34** Uiteindelik het Jefta in
Mispa[f] by sy huis gekom, en
kyk! daar kom sy dogter hom
met tamboerynspel en gedans
tegemoet![g] En sy was die énig-
ste kind. Buiten haar het hy
nie seun of dogter gehad nie.
**35** En toe hy haar sien, het hy
sy klere begin skeur[h] en gesê:
“Ag, my dogter! Jy het my in-
derdaad neergedruk, en jy het
die een geword wat ek in die
ongeluk gestort het. En ek—ek
het my mond teenoor Jehovah
oopgemaak, en ek kan nie om-
draai nie.”[i]
**36** Maar sy het vir hom gesê:
“My vader, as u u mond teenoor
Jehovah oopgemaak het, moet
u met my doen volgens wat uit
u mond uitgegaan het,[j] aange-
sien Jehovah vir u wraak op
u vyande, die kinders van Am-
mon, uitgeoefen het.” **37** En
sy het verder vir haar vader
gesê: “Laat dít met my gedoen
word: Laat my twee maande
lank alleen, en laat my gaan, en
ek sal afdaal na die berge, en
laat my my maagdelikheid be-
ween,[a] ek en my metgesellin-
ne.”
**38** Hierop het hy gesê:
“Gaan!” En hy het haar vir
twee maande weggestuur; en sy
het gegaan, sy saam met haar
metgesellinne, en haar maag-
delikheid op die berge beween.
**39** En na verloop van twee
maande het sy na haar vader
toe teruggekeer, waarna hy sy
gelofte nagekom het wat hy ten
opsigte van haar gedoen het.[b]
Wat haar betref, sy het nooit
met ’n man gemeenskap gehad
nie. En dít het ’n voorskrif in Is-
rael geword: **40** Van jaar tot
jaar het die dogters van Israel
gegaan om die dogter van Jef-
ta, die Gileadiet, vier dae in die
jaar lof toe te swaai.[c]

**12** Toe is die manne van
E′fraim bymekaargeroep
en het hulle noordwaarts oor-
getrek en vir Jefta gesê: “Waar-
om het jy oorgetrek om teen
die kinders van Ammon te veg
en het jy ons nie opgeroep om
saam met jou te gaan nie?[d] Jou
huis sal ons bo jou met vuur
verbrand.”[e] **2** Maar Jefta het
vir hulle gesê: “Ek het ’n spe-
siale stryder geword, ek en my
volk, teen die kinders van Am-
mon.[f] En ek het julle hulp inge-
roep, en julle het my nie uit hul-
le hand gered nie. **3** Toe ek
sien dat jy geen redder is nie,
het ek besluit om my siel in my
eie palm te plaas[g] en oor te trek
teen die kinders van Ammon.[h]
Daarop het Jehovah hulle in my
hand gegee. Waarom het julle
dan vandag teen my opgetrek
om teen my te veg?”
**4** Onmiddellik het Jefta al
die manne van Gi′lead byme-
kaargebring[i] en teen E′fraim
geveg; en die manne van Gi′-

HFST. 11
a Ge 28:20; Nu 30:2; De 23:21; 1Sa 1:11; Pr 5:4
b Ge 28:21; Jos 10:21
c Rig 13:5; 1Sa 1:11; 1Sa 1:22
d De 18:10; 1Sa 1:24; 1Sa 1:28; Ps 66:13; Jer 7:31
e Ese 27:17
f Rig 10:17; Rig 11:11
g Eks 15:20; 1Sa 18:6; Ps 68:25
h Ge 37:34
i Ps 15:4; Ps 76:11; Mt 5:33
j Rig 11:30; Rig 11:31; Ef 6:1; Kol 3:20

Tweede kol.
a Ge 24:16; Ge 30:23; Rut 4:14; 1Sa 1:6
b 1Sa 1:22; 1Sa 1:24
c 1Ko 7:34; 1Ko 7:37

HFST. 12
d Rig 8:1; Spr 8:13; Spr 16:18; Jak 3:16
e Rig 14:15; Rig 15:6; 2Kr 25:10
f Rig 11:6; Rig 11:9
g Rig 9:17; 1Sa 19:5; 1Sa 28:21; 2Sa 23:17; Job 13:14; Ps 119:109
h Rig 11:29
i De 3:12; De 3:13

lead het E′fraim verslaan, want
hulle het gesê: “Julle is man-
ne wat uit E′fraim gevlug het,
o Gi′lead, binne E′fraim, bin-
ne Manas′se.” 5 En Gi′lead
het die Jordaandriwwe[a] voor
E′fraim beset; en wanneer die
vlugtende manne van E′fraim
gesê het: “Laat my deurgaan”,
het die manne van Gi′lead vir
elkeen gesê: “Is jy ’n Efrai-
miet?” Wanneer hy gesê het:
“Nee!” 6 het hulle vir hom ge-
sê: “Sê asseblief Sjib′bolet.”[b] En
hy het gesê: “Sib′bolet”, aange-
sien hy die woord nie korrek
kon sê nie. En hulle het hom
gegryp en hom by die Jordaan-
driwwe omgebring. So het daar
in dié tyd twee-en-veertigdui-
send uit E′fraim geval.[c]

7 En Jefta het Israel ses jaar
lank gerig, waarna Jefta, die Gi-
leadiet, gesterf het en in sy stad
in Gi′lead begrawe is.

8 En ná hom het Ibsan, uit
Betlehem,[d] Israel begin rig.[e]
9 En hy het dertig seuns en
dertig dogters gehad. Hy het
na buite gestuur en dertig dog-
ters vir sy seuns van buite af in-
gebring. En hy het Israel sewe
jaar lank gerig. 10 Toe het Ib-
san gesterf en is hy in Betlehem
begrawe.

11 En ná hom het Elon, die
Sebuloniet,[f] Israel begin rig. En
hy het Israel tien jaar lank ge-
rig. 12 Toe het Elon, die Sebu-
loniet, gesterf en is hy in A′ja-
lon in die land van Se′bulon
begrawe.

13 En ná hom het Abdon, die
seun van Hillel, die Piratoniet,[g]
Israel begin rig. 14 En hy het
veertig seuns en dertig klein-
seuns gehad wat op sewentig
volgroeide esels gery het.[h] En
hy het Israel agt jaar lank ge-
rig. 15 Toe het Abdon, die
seun van Hillel, die Piratoniet,
gesterf en is hy in Pi′raton in
die land van E′fraim op die berg
van die Amalekiete[a] begrawe.

**13** En die kinders van Israel
het weer gedoen wat sleg
was in Jehovah se oë,[b] sodat Je-
hovah hulle veertig jaar lank in
die hand van die Filistyne[c] ge-
gee het.

2 Intussen was daar ’n seke-
re man uit Sora[d] uit die fami-
lie van die Daniete,[e] en sy naam
was Mano′ag.[f] En sy vrou was
onvrugbaar en het geen kind
gebaar nie.[g] 3 Na verloop van
tyd het Jehovah se engel aan
die vrou verskyn[h] en vir haar
gesê: “Kyk, jy is onvrugbaar en
het geen kind gebaar nie. En jy
sal beslis swanger word en aan
’n seun geboorte gee.[i] 4 En
let dan nou asseblief op jouself
en moenie wyn of sterk drank
drink nie[j] en moenie iets on-
reins eet nie.[k] 5 Want kyk! jy
sal swanger wees, en jy sal be-
slis aan ’n seun geboorte gee, en
geen skeermes mag op sy kop
kom nie,[l] want die kind sal ’n
Nasire′ër[m] van God word van-
dat hy die moederskoot ver-
laat;[n] en hy sal die leiding neem
om Israel uit die hand van die
Filistyne te red.”[o]

6 Toe het die vrou gegaan en
vir haar man gesê: “ ’n Man van
die ware God het na my toe ge-
kom, en sy voorkoms was soos
die voorkoms van die engel van
die ware God,[p] baie vreesinboe-
semend.[q] En ek het hom nie ge-
vra presies waar hy vandaan
kom nie, en hy het my ook
nie gesê wat sy naam is nie.[r]
7 Maar hy het vir my gesê:
‘Kyk! Jy sal swanger wees, en
jy sal beslis aan ’n seun geboor-
te gee.[s] En moet dan nou nie
wyn of sterk drank drink nie,
en moenie iets onreins eet nie,
want die kind sal ’n Nasire′ër

**HFST. 12**
a Jos 2:7; Rig 3:28; Rig 7:24
b Mt 26:73
c Spr 16:5; Spr 17:19; Pr 10:12
d Jos 19:10; Jos 19:15
e Rig 2:16
f Ge 30:20; Jos 19:10; Rig 5:14
g Rig 12:15; 2Sa 23:30; 1Kr 27:14
h Rig 5:10; Rig 10:4

**Tweede kol.**
a Ge 36:12; Eks 17:16; Nu 13:29; 1Sa 15:2

**HFST. 13**
b Rig 2:11; Rig 2:19; Rig 10:6
c Eks 13:17; Jos 13:2; Jos 13:3; Rig 10:7; 1Sa 12:9
d Jos 15:33; Jos 19:41; 2Kr 11:10
e Ge 49:16; De 33:22; Jos 19:40
f Rig 16:31
g Ge 16:1; Ge 25:21; Lu 1:7
h Ge 16:7; Lu 1:11
i Ge 18:10; 1Sa 1:20; 2Kn 4:16; Lu 1:13
j Nu 6:3; Lu 1:15
k Le 11:27; Le 11:47
l Nu 6:5; 1Sa 1:11
m Nu 6:2; Rig 16:17
n Lu 1:15
o Rig 2:16; Rig 13:1; Ne 9:27
p Mt 28:3; Han 6:15
q Ge 28:17; Eks 3:6; Da 8:17
r Ge 32:29; Rig 13:17; Rig 13:18
s Rig 13:3

van God word vandat hy die
moederskoot verlaat tot die dag
van sy dood.' "[a]
**8** En Mano'ag het Jehovah
dringend begin versoek en ge-
sê: "Verskoon my, Jehovah.[b]
Laat die man van die ware God
wat u so pas gestuur het, asse-
blief weer na ons toe kom en
ons onderrig[c] oor wat ons be-
hoort te doen met die kind wat
gebore sal word."[d] **9** Toe het
die ware God na die stem van
Mano'ag geluister,[e] en die engel
van die ware God het weer na
die vrou toe gekom terwyl sy in
die veld gesit het, en haar man
Mano'ag was nie by haar nie.
**10** Onmiddellik het die vrou
haar gehaas en gehardloop en
haar man vertel[f] en vir hom ge-
sê: "Kyk! Die man wat die ander
dag na my toe gekom het, het
aan my verskyn."[g]
**11** Daarop het Mano'ag op-
gestaan en saam met sy
vrou gegaan en by die man ge-
kom en vir hom gesê: "Is u die
man wat met die vrou gepraat
het?"[h] waarop hy gesê het: "Ja."
**12** Toe het Mano'ag gesê: "Laat
u woorde dan nou bewaarheid
word. Wat sal die kind se le-
wenswyse en sy werk wees?"[i]
**13** En Jehovah se engel het vir
Mano'ag gesê: "Van alles wat
ek vir die vrou genoem het,
moet sy haar onthou.[j] **14** Sy
mag hoegenaamd niks eet wat
van die wingerdstok afkomstig
is nie, en moet haar geen wyn
of sterk drank laat drink nie,[k]
en moet haar niks onreins, van
watter aard ook al, laat eet nie.[l]
Laat sy alles onderhou wat ek
haar beveel het."[m]
**15** Mano'ag het toe vir Jeho-
vah se engel gesê: "Laat ons u
asseblief hier hou en 'n boklam
voor u berei."[n] **16** Maar Jeho-
vah se engel het vir Mano'ag ge-
sê: "As jy my hier hou, sal ek
nie van jou brood eet nie; maar
as jy 'n brandoffer aan Jeho-
vah wil bring,[a] kan jy dit offer."
Want Mano'ag het nie geweet
dat dit Jehovah se engel was
nie. **17** Toe het Mano'ag vir
Jehovah se engel gesê: "Wat is
u naam,[b] sodat ons u beslis eer
kan bewys wanneer u woord be-
waarheid word?" **18** Jehovah
se engel het egter vir hom gesê:
"Presies waarom sou jy na my
naam vra, terwyl dit 'n wonder-
like naam is?"
**19** En Mano'ag het die bok-
lam en die graanoffer geneem
en dit op die rots aan Jeho-
vah geoffer.[c] En Hy het iets op
'n wonderbare wyse gedoen ter-
wyl Mano'ag en sy vrou toege-
kyk het. **20** Toe die vlam van
die altaar af na die hemel op-
styg, het Jehovah se engel in
die vlam van die altaar opge-
vaar terwyl Mano'ag en sy vrou
toegekyk het.[d] Dadelik het hul-
le op hulle gesig op die aarde ge-
val.[e] **21** En Jehovah se engel
het nie weer aan Mano'ag en sy
vrou verskyn nie. Toe het Ma-
no'ag geweet dat dit Jehovah se
engel was.[f] **22** Gevolglik het
Mano'ag vir sy vrou gesê: "Ons
sal sekerlik sterf,[g] want ons
het God gesien."[h] **23** Maar sy
vrou het vir hom gesê: "As
dit Jehovah behaag het net om
ons dood te maak, sou hy nie
'n brandoffer en graanoffer uit
ons hand aangeneem het nie,[i]
en hy sou ons nie al hierdie
dinge getoon het nie, en hy sou
ons nie nou so iets laat hoor het
nie."[j]
**24** Later het die vrou aan
'n seun geboorte gegee en hom
Simson[k] genoem; en die seun
het groter geword, en Jehovah
het hom bly seën.[l] **25** Na ver-
loop van tyd het Jehovah se

**HFST. 13**
a Rig 13:4
b Eks 4:10, Rig 6:15
c Spr 3:6, Spr 16:20
d De 4:9, De 6:7
e Ps 65:2, Ps 66:19
f 1Ko 11:3, Ef 5:24, 1Pe 3:5
g Rig 13:3
h Rig 13:5
i Ge 18:19, Rig 13:8, Spr 22:6, Ef 6:4
j Rig 13:4
k Nu 6:3
l Le 11:27, Le 11:47
m De 12:32
n Ge 18:5, Ge 18:7, Rig 6:18, Heb 13:2

**Tweede kol.**
a Rig 6:26
b Ge 32:29, Rig 13:6
c Rig 6:20
d Han 1:9
e Ge 17:3, 1Kr 21:16, Mt 17:6
f Rig 6:22
g Rig 6:23
h Ge 16:7, Ge 16:13, Ge 32:24, Ge 32:30, Eks 33:20, Joh 1:18
i Ge 4:4, Rig 13:16
j Ps 25:14, Spr 3:32
k Heb 11:32
l 1Sa 3:19, Lu 1:80, Lu 2:52

gees[a] hom in Ma′hane-Dan[b] tus-
sen Sora[c] en Esta′ol[d] begin aan-
dryf.

**14** Toe het Simson na Tim-
na[e] afgegaan en in Timna
’n vrou uit die dogters van die
Filistyne gesien. **2** En hy het
opgegaan en vir sy vader en sy
moeder vertel en gesê: “Ek het
in Timna ’n vrou uit die dog-
ters van die Filistyne gesien,
en neem haar dan nou vir my
as vrou.”[f] **3** Maar sy vader en
sy moeder het vir hom gesê: “Is
daar nie onder die dogters van
jou broers en onder my hele
volk ’n vrou nie,[g] sodat jy uit
die onbesnede Filistyne ’n vrou
gaan neem?”[h] Nogtans het Sim-
son vir sy vader gesê: “Neem
háár vir my, want sy is net
reg in my oë.” **4** Wat sy vader
en sy moeder betref, hulle het
nie geweet dat dit van Jehovah
kom nie,[i] dat hy ’n geleentheid
teen die Filistyne soek, aange-
sien die Filistyne in dié tyd oor
Israel geheers het.[j]

**5** Daarop het Simson saam
met sy vader en sy moeder
na Timna[k] afgegaan. Toe hy by
die wingerde van Timna kom,
kyk! toe het ’n jong maanhaar-
leeu brullend op hom afgekom.
**6** Toe het Jehovah se gees oor
hom werksaam geword,[l] sodat
hy dit in twee geskeur het,
soos iemand ’n jong bokram in
twee skeur, en daar was hoege-
naamd niks in sy hand nie. En
hy het nie vir sy vader of sy
moeder vertel wat hy gedoen
het nie. **7** En hy het verder
afgegaan en met die vrou begin
praat; en sy was steeds reg in
Simson se oë.[m]

**8** En na ’n ruk het hy te-
ruggegaan om haar huis toe te
neem.[n] Intussen het hy uitge-
draai om na die karkas van die
leeu te kyk, en daar was ’n
swerm bye in die leeu se dooie
liggaam, en heuning.[a] **9** Toe
het hy dit in sy palms uitge-
skraap en verder geloop en so
in die loop geëet.[b] Toe hy weer
by sy vader en sy moeder aan-
sluit, het hy dadelik vir hulle
daarvan gegee, en hulle het be-
gin eet. En hy het hulle nie ver-
tel dat hy die heuning uit die
dooie liggaam van die leeu ge-
skraap het nie.

**10** En sy vader het verder af-
gegaan na die vrou toe, en Sim-
son het ’n feesmaal daar gehou;[c]
want so het die jong manne
gewoonlik gedoen. **11** En toe
hulle hom sien, het hulle onmid-
dellik dertig strooijonkers ge-
neem, sodat hulle by hom sou
bly. **12** Toe het Simson vir hul-
le gesê: “Laat my asseblief vir
julle ’n raaisel gee.[d] As julle dit
vir seker gedurende die sewe
dae[e] van die feesmaal aan my
bekend maak en julle dit oplos,
dan sal ek vir julle dertig onder-
kledingstukke en dertig stelle
klere moet gee.[f] **13** Maar as
julle dit nie aan my bekend kan
maak nie, dan moet julle vir my
dertig onderkledingstukke en
dertig stelle klere gee.” Hierop
het hulle vir hom gesê: “Gee jou
raaisel, en laat ons dit hoor.”
**14** Toe het hy vir hulle gesê:

“Uit die eter[g] het iets te ete
voortgekom,
En uit die sterke het iets
soets voortgekom.”[h]

En drie dae lank kon hul-
le die raaisel nie bekend maak
nie. **15** En op die vierde dag
het hulle vir Simson se vrou be-
gin sê: “Mislei jou man dat hy
die raaisel aan ons bekend kan
maak.[i] Anders sal ons jou en
die huis van jou vader met vuur
verbrand.[j] Het julle ons hier-
heen genooi om ons besittings
te neem?”[k] **16** Gevolglik het

**HFST. 13**
a Rig 3:10, Rig 6:34, Rig 11:29, 1Sa 11:6, Mt 4:1
b Rig 18:12
c Rig 18:11
d Jos 15:33

**HFST. 14**
e Jos 15:10, Jos 19:43
f Ge 21:21, Ge 34:4, Ge 38:6
g Eks 34:16, De 7:3, Ne 13:27, 1Ko 7:39
h Ge 34:14, 1Sa 14:6, 1Sa 17:26, 1Sa 31:4, 2Sa 1:20
i Jos 11:20, 1Kn 12:15
j De 28:48, Rig 13:1, Rig 15:11
k Rig 14:1
l Rig 13:25, Sag 4:6
m Rig 14:2
n Ge 24:67, Mt 1:24

**Tweede kol.**
a Ge 43:11, Eks 3:8, De 32:13, Spr 24:13, Mt 3:4
b 1Sa 14:27, Spr 25:16
c Ge 29:22, Mt 22:4
d Ps 49:4, Ps 78:2, Spr 1:6, Ese 17:2
e Ge 29:27
f Ge 45:22, Rig 14:19, 2Kn 5:5, 2Kn 5:22
g Rig 14:8
h Rig 14:9
i Rig 16:5
j Rig 12:1, Rig 15:6
k Spr 28:20

Simson se vrou by hom begin
huil[a] en gesê: “Jy haat my net,
ja, en jy het my nie lief nie.[b]
Jy het vir die kinders van my
volk ’n raaisel gegee,[c] maar aan
my het jy dit nie bekend ge-
maak nie.” Hierop het hy vir
haar gesê: “Ek het dit nie eens
aan my vader en my moeder be-
kend gemaak nie,[d] en moet
ek dit aan jou bekend maak?”
**17** Maar sy het die sewe dae
dat die feesmaal vir hulle ge-
duur het, voortdurend by hom
gehuil, en op die sewende dag
het hy dit uiteindelik aan haar
bekend gemaak, omdat sy druk
op hom uitgeoefen het.[e] Toe het
sy die raaisel aan die kinders
van haar volk bekend gemaak.[f]
**18** Daarop het die manne van
die stad op die sewende dag,
nog voordat hy in die binneka-
mer kon ingaan,[g] vir hom gesê:

“Wat is soeter as heuning,
En wat is sterker as ’n leeu?”[h]

En hy het vir hulle gesê:

“As julle nie met my verskalf geploeg het nie,[i]
Sou julle my raaisel nie opgelos het nie.”[j]

**19** En Jehovah se gees het
oor hom werksaam geword,[k] so-
dat hy na As′kelon[l] afgegaan en
dertig van hulle manne doodge-
maak het en geneem het wat hy
van hulle afgestroop het en die
stelle klere gegee het aan dié
wat die raaisel bekend gemaak
het.[m] En sy toorn het bly brand,
en hy het na sy vader se huis op-
gegaan.

**20** En een van sy strooijon-
kers[n] wat hom geselskap gehou
het, het Simson se vrou[o] gekry.

**15** En na ’n ruk, in die dae
van die koringoes, het
Simson sy vrou met ’n boklam[p]
besoek. Toe het hy gesê: “Ek sal
na my vrou in die binnekamer
ingaan.”[a] En haar vader het
hom nie toegelaat om in te gaan
nie. **2** Maar haar vader het
gesê: “Ek het in werklikheid by
myself gesê: ‘Jy sal haar onge-
twyfeld haat.’[b] Ek het haar der-
halwe aan jou strooijonker ge-
gee.[c] Is haar jonger suster nie
beter as sy nie? Laat sy asse-
blief joune word in die plek van
die ander een.” **3** Simson het
egter vir hulle gesê: “Hierdie
keer sal ek vry van skuld teen-
oor die Filistyne wees as ek tot
hulle nadeel met hulle handel.”[d]

**4** En Simson het weggegaan
en driehonderd jakkalse[e] ge-
vang en fakkels geneem en
stert aan stert gedraai en een
fakkel tussen twee sterte ge-
sit, reg in die middel. **5** Daar-
op het hy die fakkels aan die
brand gesteek en hulle in die
Filistyne se landerye met onge-
snyde graan ingestuur. So het
hy alles van gerf tot ongesny-
de graan en die wingerde en
die olyfboorde aan die brand ge-
steek.[f]

**6** En die Filistyne het be-
gin sê: “Wie het dit gedoen?”
Toe het hulle gesê: “Simson, die
skoonseun van die Timniet, om-
dat hy sy vrou geneem en haar
toe aan sy strooijonker gegee
het.”[g] Daarop het die Filistyne
opgetrek en haar en haar vader
met vuur verbrand.[h] **7** Toe
het Simson vir hulle gesê: “As
julle só maak, is daar vir my
geen ander uitweg as om my
op julle te wreek nie,[i] en daar-
na sal ek ophou.” **8** En hy het
hulle doodgemaak en met ’n
groot slagting bene op dye ge-
hoop, waarna hy afgegaan en in
’n kloof van die Etamrots begin
woon het.[j]

**9** Later het die Filistyne[k] op-
getrek en in Juda[l] kamp op-

**HFST. 14**
a Spr 27:15
b Rig 16:15
c Rig 14:14
d Rig 14:9
e Rig 16:16; Spr 19:13; Spr 21:19; Lu 11:8
f Rig 16:18; Spr 6:18; Spr 25:9
g Rig 15:1
h Rig 14:14
i Rig 14:15
j Rig 14:14
k Rig 13:25; Rig 14:6; Rig 15:14; 1Ko 12:4
l Jos 13:3; Rig 1:18; Jer 47:5
m Rig 14:13
n Rig 14:11; Rig 15:2
o Rig 14:2

**HFST. 15**
p Ge 38:17; 1Sa 16:20; Lu 15:29

**Tweede kol.**
a Rig 14:18
b Rig 14:17
c Rig 14:11; Rig 14:20
d Rig 14:4; Rig 15:5
waarna Orpa haar skoonmoe-
der gesoen het. Wat Rut betref,
sy het by haar gebly.[c] **15** Toe
het sy gesê: “Kyk! Jou wedu-
wee-skoonsuster het na haar
volk en haar gode toe terugge-
keer.[d] Keer saam met jou wedu-
wee-skoonsuster terug.”[e]

**16** En Rut het gesê: “Moenie
by my pleit om u te verlaat nie,
om terug te draai en u nie te
vergesel nie; want waar u gaan,
sal ek gaan, en waar u oornag,
sal ek oornag.[f] U volk sal my
volk wees,[g] en u God my God.[h]
**17** Waar u sterf, sal ek sterf,[i]
en daar sal ek begrawe word.
Mag Jehovah so aan my doen en
daaraan toevoeg[j] as enigiets an-
ders as die dood my en u sou
skei.”

**18** Toe sy sien dat sy vas-
beslote was om saam met haar
te gaan,[k] het sy opgehou om
met haar te praat. **19** En hulle
twee het verder gegaan totdat
hulle in Betlehem[l] gekom het.
En toe hulle in Betlehem kom,
het die hele stad oor hulle in op-
skudding geraak,[m] en die vroue
het bly sê: “Is dit Nao′mi?”[n]
**20** En sy het vir die vroue gesê:
“Moet my nie Nao′mi noem nie.
Noem my Mara, want die Al-
magtige[o] het dit vir my baie bit-
ter gemaak.[p] **21** Ek was vol
toe ek gegaan het,[q] en met leë
hande het Jehovah my laat te-
rugkeer.[a] Waarom sou julle my
Nao′mi noem, terwyl dit Jeho-
vah is wat my verneder het[b] en
die Almagtige wat rampspoed
oor my gebring het?”[c]

**22** So het Nao′mi terugge-
keer, en Rut, die Moabitiese
vrou, haar skoondogter, was
saam met haar toe sy uit die
gebied van Moab[d] teruggekeer
het; en hulle het aan die begin
van die garsoes[e] in Betlehem[f]
gekom.

**2** En Nao′mi het ’n bloedver-
want[g] van haar man se kant
gehad, ’n baie ryk man,[h] uit
die familie van Elime′leg, en sy
naam was Boas.[i]

**2** Na verloop van tyd het
Rut, die Moabitiese vrou, vir
Nao′mi gesê: “Laat my asse-
blief na die land gaan en are
tussen die graanare optel[j] ag-
ter enigiemand aan in wie se
oë ek guns sal vind.” Toe het sy
vir haar gesê: “Gaan, my dog-
ter.” **3** Daarop het sy gegaan
en op die land gekom en agter
die snyers are begin optel.[k] So
het sy toevallig uitgekom by die
stuk land wat aan Boas behoort
het,[l] wat uit die familie van Eli-
me′leg[m] was. **4** En kyk! Boas
het van Betlehem af gekom en
vir die snyers gesê: “Mag Jeho-
vah met julle wees.”[n] Hierop het
hulle vir hom gesê: “Mag Jeho-
vah u seën.”[o]

**5** Daarna het Boas[p] vir die
jong man wat oor die snyers
aangestel was, gesê: “Aan wie
behoort hierdie jong vrou?”
**6** Toe het die jong man wat oor
die snyers aangestel was, geant-
woord en gesê: “Die jong vrou
is ’n Moabitiese vrou,[q] wat saam
met Nao′mi uit die gebied van
Moab teruggekeer het.[r] **7** En
sy het gesê: ‘Laat my asseblief
are optel,[s] en ek sal sekerlik
tussen die afgesnyde graanare

**HFST. 1**
a Ge 17:17
b Rut 1:20, 1Sa 3:18, Job 19:21
c Rut 1:16, Spr 17:17, Spr 18:24, Heb 10:39
d Nu 21:29, Ps 96:5, 1Ko 8:5, 2Pe 2:22
e 2Sa 15:19
f 2Kn 2:2, Heb 11:15
g Rut 2:11, Est 8:17, Ps 45:10, Jes 14:1
h De 4:4, De 10:20, Rut 2:12, 1Kn 8:41
i 2Sa 15:21
j 1Sa 3:17, 2Sa 19:13
k Han 21:14
l Rut 1:1
m Mt 21:10
n Rut 1:2
o Ge 17:1, Eks 6:3, Jes 46:9
p Rut 1:13, 1Sa 3:18, Job 19:21, Jes 12:1
q 1Sa 2:7

**Tweede kol.**
a Job 1:21
b Rut 1:5
c Job 10:17, Jes 54:8
d Nu 21:13, Rut 1:1
e Rut 2:23
f Ge 35:19, Mi 5:2

**HFST. 2**
g Rut 3:2, Rut 3:12
h De 8:18
i Rut 4:21, 1Kr 2:11, Mt 1:5, Lu 3:32
j Le 19:9, Le 23:22, De 24:19
k 2Te 3:10
l Rut 2:20, Spr 16:9
m Rut 1:2
n Rig 6:12, 2Ti 4:22
o Nu 6:24
p Rut 2:1, Rut 4:21, 1Kr 2:11
q Rut 1:4
r Rut 1:16, Rut 1:22
s Le 23:22, Rut 2:2

agter die snyers insamel.’ So het
sy ingekom en van daardie tyd
in die oggend af op die been ge-
bly totdat sy nou net vir ’n klein
rukkie in die huis gaan sit het.”[a]
**8** Later het Boas vir Rut ge-
sê: “Jy het gehoor, nie waar nie,
my dogter? Moenie op ’n ander
land gaan are optel nie,[b] en jy
moet ook nie hiervandaan weg-
gaan nie, en só moet jy naby my
jong vroue bly.[c] **9** Laat jou oë
op die land wees wat hulle sal
oes, en jy moet saam met hulle
gaan. Het ek nie die jong man-
ne beveel om jou nie aan te
raak[d] nie? Wanneer jy dors is,
moet jy ook na die houers gaan
en drink van wat die jong man-
ne sal skep.”[e]
**10** Daarop het sy op haar ge-
sig geval en haar na die aar-
de neergebuig[f] en vir hom ge-
sê: “Hoe is dit dat ek guns in u
oë gevind het sodat belangstel-
ling in my getoon word, terwyl
ek ’n uitlander is?”[g] **11** Toe
het Boas geantwoord en vir
haar gesê: “Aan my is alles
breedvoerig vertel[h] wat jy ná
die dood van jou man vir jou
skoonmoeder gedoen het,[i] en
hoe jy jou vader en jou moe-
der en die land van jou familie-
lede verlaat het en na ’n volk
toe gegaan het wat jy voorheen
nie geken het nie.[j] **12** Mag Je-
hovah jou handelswyse beloon,[k]
en mag daar vir jou ’n vol-
maakte loon[l] wees van Jehovah,
die God van Israel, onder wie
se vleuels jy toevlug kom soek
het.”[m] **13** Hierop het sy gesê:
“Laat ek guns vind in u oë, my
heer, omdat u my vertroos het
en omdat u gerusstellend met
u diensmeisie gepraat het,[n] hoe-
wel ek dalk nie soos een van u
diensmeisies is nie.”[o]
**14** En met etenstyd het Boas
vir haar gesê: “Kom hierheen,
en jy moet van die brood eet[p]
en jou stukkie in die asyn doop.”
Toe het sy langs die snyers
gaan sit, en hy het vir haar ge-
roosterde graan[a] aangegee en
sy het geëet, sodat sy versadig
was en nog iets laat oorbly het.
**15** Toe het sy opgestaan om are
op te tel.[b] Boas het toe sy jong
manne beveel en gesê: “Laat
haar ook are tussen die afgesny-
de graanare optel, en julle moet
haar nie lastig val nie.[c] **16** En
julle moet ook sorg dat julle vir
haar van die are uit die bondels
trek, en julle moet dit laat lê so-
dat sy dit kan optel,[d] en julle
moet haar nie bestraf nie.”
**17** En sy het tot die aand toe
are op die land bly optel,[e] waar-
na sy uitgeslaan het[f] wat sy op-
getel het, en dit was ongeveer
’n efa[g] gars. **18** Toe het sy dit
geneem en in die stad ingegaan,
en haar skoonmoeder het ge-
sien wat sy opgetel het. Daarna
het sy die voedsel uitgehaal wat
sy laat oorbly het[h] toe sy versa-
dig was en dit vir haar gegee.
**19** Haar skoonmoeder het
toe vir haar gesê: “Waar het jy
vandag are opgetel, en waar het
jy gewerk? Mag die een wat be-
langstelling in jou getoon het,
geseënd wees.”[i] Toe het sy vir
haar skoonmoeder vertel by wie
sy gewerk het; en sy het gesê:
“Die naam van die man by wie
ek vandag gewerk het, is Boas.”
**20** Daarop het Nao′mi vir haar
skoondogter gesê: “Mag hy ge-
seënd wees deur Jehovah,[j] wat
sy liefderyke goedhartigheid[k]
teenoor die lewendes en die
dooies nie nagelaat het nie.”[l] En
Nao′mi het verder vir haar ge-
sê: “Die man is aan ons ver-
want.[m] Hy is een van ons terug-
kopers.”[n] **21** Toe het Rut, die
Moabitiese vrou, gesê: “Hy het
ook vir my gesê: ‘Jy moet naby
die jong mense bly wat myne
is totdat hulle klaar is met die

**HFST. 2**
a Spr 13:4, Spr 31:27, Spr 31:31, 1Te 4:11
b Spr 28:27, 1Ti 6:18
c Rut 2:22
d 1Ti 5:2
e Spr 11:25, Jak 1:27
f 1Sa 25:23
g Eks 22:21, Eks 23:9, Le 19:34
h Spr 31:31
i Rut 1:14, Rut 1:16
j Ps 45:10
k 1Sa 24:19, Job 34:11, Spr 28:20, Heb 6:10
l Rut 4:11, Rut 4:17, Ps 20:5, Mt 1:5, Mt 1:16, Heb 11:6
m Ps 17:8, Ps 36:7, Ps 57:1, Ps 63:7, Ps 91:4
n Ge 50:21
o 1Sa 25:41, Flp 2:3
p Ps 112:9, Spr 22:9, Jes 58:7, Ese 18:7

**Tweede kol.**
a 1Sa 17:17, 1Sa 25:18, 2Sa 17:28
b Le 19:9, Rut 2:2
c Rut 2:9, 1Ti 5:2
d Spr 14:21, Spr 19:17, Han 20:35
e Rut 2:7, Spr 31:27
f Jes 28:27
g Eks 16:36, Ese 45:11
h Rut 2:14, Joh 6:12, 1Ti 5:4
i Ps 41:1
j Rut 2:4, Rut 3:10, 2Sa 2:5
k Eks 34:6, Rut 1:8, Ps 36:7, Ps 62:12, Klg 3:22
l Rut 1:8
m Rut 2:1
n Le 25:25, De 25:5, Rut 3:9, Rut 3:12, Ef 1:7, Heb 2:14

hele oes wat ek het.’ ”[a] **22** Toe het Nao′mi[b] vir haar skoondogter Rut[c] gesê: “Dit is beter, my dogter, dat jy saam met sy jong vroue uitgaan, sodat hulle jou nie dalk in ’n ander land lastig val nie.”[d]

**23** En sy het naby die jong vroue van Boas gebly om are op te tel totdat die garsoes[e] en die koringoes tot ’n einde gekom het. En sy het by haar skoonmoeder gewoon.[f]

**3** Haar skoonmoeder Nao′mi het toe vir haar gesê: “My dogter, behoort ek nie vir jou ’n rusplek[g] te soek, sodat dit met jou goed kan gaan nie? **2** En is Boas, by wie se jong vroue jy gebly het, dan nie ons bloedverwant nie?[h] Kyk! Hy wan[i] vannag gars uit op die dorsvloer. **3** En jy moet was en jou met olie invryf[j] en jou mantels omhang[k] en na die dorsvloer afgaan. Moet jou nie aan die man bekend maak totdat hy klaar geëet en gedrink het nie. **4** En wanneer hy gaan lê, moet jy ook let op die plek waar hy gaan lê; en jy moet kom en sy voete oopmaak en gaan lê; en hy sal jou vertel wat jy behoort te doen.”

**5** Daarop het sy vir haar gesê: “Alles wat u vir my sê, sal ek doen.” **6** En sy het na die dorsvloer afgegaan en gedoen net soos haar skoonmoeder haar beveel het. **7** Intussen het Boas geëet en gedrink, en sy hart was vrolik.[l] Toe het hy aan die rand van die graanhoop gaan lê. Daarna het sy stilletjies gekom en sy voete oopgemaak en gaan lê. **8** En teen middernag het die man begin bewe. En hy het vooroor gebuig, en kyk! daar het ’n vrou by sy voete gelê! **9** Toe het hy gesê: “Wie is jy?” En sy het gesê: “Ek is Rut, u slavin, en u moet die slip van u kleed oor u slavin uitsprei, want u is ’n terugkoper.”[a] **10** Daarop het hy gesê: “Mag jy geseënd wees deur Jehovah,[b] my dogter. Jy het jou liefderyke goedhartigheid[c] in die laaste geval nog beter getoon as in die eerste geval,[d] deur nie agter die jong manne, hetsy arm of ryk, aan te loop nie. **11** En nou, my dogter, moenie bang wees nie. Alles wat jy sê, sal ek vir jou doen,[e] want almal in die poort van my volk weet dat jy ’n voortreflike vrou is.[f] **12** En al is dit dan nou ’n feit dat ek ’n terugkoper is,[g] is daar ook ’n terugkoper wat nader verwant is as ek.[h] **13** Bly vannag hier oor, en as hy jou môreoggend terugkoop,[i] goed! Laat hy terugkoop. Maar as hy nie daarin behae skep om jou terug te koop nie, dan sal ek jou terugkoop, ja ek, so waar as Jehovah lewe.[j] Bly lê tot die oggend.”

**14** En sy het tot die oggend by sy voete bly lê en toe opgestaan voordat een ’n ander kon herken. Hy het toe gesê: “Moet dit nie bekend laat word dat ’n vrou na die dorsvloer gekom het nie.”[k] **15** En hy het verder gesê: “Bring die mantel wat jy om het, en hou dit oop.” Toe het sy dit oopgehou, en hy het ses mate gars uitgemeet en dit op haar gesit, waarna hy in die stad ingegaan het.

**16** En sy het na haar skoonmoeder toe gegaan, wat toe gesê het: “Wie is jy, my dogter?” Daarop het sy haar alles vertel wat die man vir haar gedoen het. **17** En sy het gesê: “Hierdie ses mate gars het hy vir my gegee, want hy het vir my gesê: ‘Moenie met leë hande by jou skoonmoeder kom nie.’ ”[l] **18** Toe het sy gesê: “Sit stil, my dogter, totdat jy weet hoe die

**HFST. 2**
a Rut 2:8
b Rut 1:2
c Rut 1:4
d Job 12:12; Spr 12:15; 1Ko 15:33; Tit 2:3
e Rut 1:22
f Rut 1:14; Rut 1:16; Rut 3:11

**HFST. 3**
g De 25:6; Rut 1:9
h Le 25:25; De 25:5; Rut 2:1; Rut 2:20; Rut 3:12
i Jes 30:24
j 2Sa 12:20; 2Sa 14:2; Pr 9:8
k 1Ti 2:9
l Rig 19:6; Ps 104:15; Pr 3:13; Pr 10:19

**Tweede kol.**
a Le 25:25; De 25:5; Rut 2:20
b Rut 2:4
c Spr 11:17; Spr 19:22
d Rut 1:16
e Rut 3:9
f Spr 31:30; Spr 31:31; 1Ti 2:10; 1Pe 3:4
g Le 25:25; Rut 2:20
h Rut 4:1
i Rut 3:9; Rut 4:5; Mt 22:24
j De 6:13; Rig 8:19; 1Sa 14:39; 2Ko 1:23
k Ro 12:17; Ro 14:16; 1Ko 10:32
l Ps 37:5; Jak 1:27

saak sal afloop, want die man
sal geen rus hê tensy hy die
saak vandag tot 'n einde ge-
bring het nie."[a]

4 Wat Boas betref, hy het na
die poort[b] opgegaan en daar
gaan sit. En kyk! die terugkoper
waarvan Boas melding gemaak
het,[c] het verbygegaan. Toe het
hy gesê: "Draai tog uit, kom sit
tog hier, So-en-so." Hy het der-
halwe uitgedraai en gaan sit.
2 Daarna het hy tien manne uit
die ouer manne[d] van die stad
geneem en gesê: "Kom sit hier."
Toe het hulle gaan sit.

3 Hy het toe vir die terugko-
per[e] gesê: "Nao′mi, wat uit die
gebied van Moab teruggekeer
het,[f] moet die stuk grond ver-
koop wat aan ons broer Elime′-
leg[g] behoort het. 4 Ek het ge-
dink dat ek dit aan jou moet
onthul en sê: 'Koop dit[h] hier
voor die inwoners en die ouer
manne van my volk.[i] As jy dit
sal terugkoop, koop dit dan te-
rug; maar as jy dit nie sal terug-
koop nie, moet jy my tog vertel,
sodat ek kan weet, want daar is
niemand anders behalwe jy om
dit terug te koop nie,[j] en ek is
ná jou.'" Daarop het hy gesê:
"Ek sal dit terugkoop."[k] 5 Toe
het Boas gesê: "Die dag dat jy
die grond uit Nao′mi se hand
koop, moet jy dit ook by Rut, die
Moabitiese vrou, die vrou van
die man wat dood is, koop om
die naam van die man wat dood
is, oor sy erfdeel te laat verrys."[l]
6 Hierop het die terugkoper ge-
sê: "Ek kan dit nie vir my te-
rugkoop nie, uit vrees dat ek my
eie erfdeel sal bederf. Koop jy
dit vir jou terug met my terug-
koopreg, want ek kan dit nie te-
rugkoop nie."

7 Dít was dan nou in vroeër
tye in Israel die gebruik met be-
trekking tot die terugkoopreg
en met betrekking tot die rui-
ling, om allerhande sake te be-
vestig: 'n Man moes sy sandaal[a]
uittrek en dit vir sy naaste gee,
en dit was die bekragtiging in
Israel. 8 Toe die terugkoper
dus vir Boas sê: "Koop dit vir
jou", het hy sy sandaal uitge-
trek.[b] 9 Daarop het Boas vir
die ouer manne en al die men-
se gesê: "Julle is vandag getui-
es[c] dat ek alles wat aan Elime′-
leg behoort het en alles wat aan
Giljon en Maglon behoort het,
uit die hand van Nao′mi koop.
10 En ook Rut, die Moabitie-
se vrou, die vrou van Maglon,
koop ek vir my as vrou om die
naam van die man wat dood is,[d]
oor sy erfdeel te laat verrys en
dat die naam van die man wat
dood is, nie onder sy broers en
uit die poort van sy plek uitge-
roei sal word nie. Julle is vandag
getuies."[e]

11 Hierop het al die mense
wat in die poort was en die ouer
manne gesê: "Ons is getuies!
Mag Jehovah gee dat die vrou
wat in jou huis inkom, soos Ra-
gel[f] en soos Lea[g] sal wees, wat
al twee die huis van Israel ge-
bou het;[h] en bewys jy jou waar-
de in E′frata[i] en maak naam
in Betlehem.[j] 12 En mag jou
huis soos die huis van Peres
word, wat Tamar vir Juda ge-
baar het,[k] uit die nageslag wat
Jehovah jou uit hierdie jong
vrou sal gee."[l]

13 En Boas het Rut geneem,
en sy het sy vrou geword, en hy
het gemeenskap met haar ge-
had. Toe het Jehovah gegee dat
sy swanger word,[m] en sy het 'n
seun gebaar. 14 En die vroue
het vir Nao′mi begin sê:[n] "Mag
Jehovah geloof word,[o] wat dit
jou vandag nie aan 'n terugko-
per laat ontbreek het nie; so-
dat sy naam in Israel verkon-
dig kan word. 15 En hy het 'n
hersteller van jou siel geword

HFST. 3
a Ps 138:8; Ro 8:28; 1Pe 5:7

HFST. 4
b De 16:18; De 21:19; De 22:15; De 25:7
c Rut 3:12
d De 19:12; De 29:10; Jos 20:4; Rig 8:14; 1Kn 21:8; Spr 31:23; Han 6:12
e Le 25:25; De 25:5; Rut 2:20
f Rut 1:1; Rut 1:6
g Rut 1:2
h Jer 32:7
i Ge 23:18; Jer 32:10
j Le 25:25; Rut 2:20
k Rut 3:13
l Ge 38:8; De 25:5; Lu 20:28

Tweede kol.
a De 25:9
b De 25:9
c Ge 23:18; De 19:15; Rut 4:4; Jer 32:12
d Ge 38:8; De 25:6; Rut 2:20; Rut 4:5
e Rut 4:4; Jes 8:2
f Ge 29:30
g Ge 29:23
h Ge 28:3; Ge 35:23; Ge 35:24; Ge 46:15; Ge 46:18; Ge 46:22; Ge 46:25
i Ge 35:19; Ge 48:7
j Rut 1:1; Mi 5:2
k Ge 38:29; Nu 26:20; 1Kr 2:4; Mt 1:3
l De 28:4; Ps 127:3
m Ge 29:31; 1Sa 1:27; Ps 127:3
n Lu 1:58; Ro 12:15
o Ge 24:27; Ps 145:1; Lu 1:68

en iemand om jou in jou ou-
derdom te versorg,[a] want jou
skoondogter wat jou liefhet,[b]
wat vir jou beter is as sewe
seuns,[c] het aan hom geboorte
gegee.” **16** En Nao′mi het die
kind geneem en hom in haar
boesem gesit, en sy het sy ver-
sorgster geword. **17** Toe het
die buurvroue[d] hom ’n naam ge-
gee en gesê: “ ’n Seun is vir Nao′-
mi gebore.” En hulle het hom
Obed[e] begin noem. Hy is die va-
der van Isai,[f] Dawid se vader.

**18** En dít is die geslagte van
Peres:[g] Peres het die vader ge-
word van Hesron;[a] **19** en Hes-
ron het die vader geword van
Ram; en Ram[b] het die vader ge-
word van Ammina′dab; **20** en
Ammina′dab[c] het die vader ge-
word van Nagson;[d] en Nagson
het die vader geword van Sal-
mon; **21** en Salmon[e] het die
vader geword van Boas; en
Boas[f] het die vader geword van
Obed; **22** en Obed het die va-
der geword van Isai;[g] en Isai het
die vader geword van Dawid.[h]

HFST. 4
a Ps 55:22, Jes 46:4, Heb 11:6
b Rut 1:16, 1Ko 13:5
c 1Sa 1:8
d Lu 1:58
e Mt 1:5, Lu 3:32
f 1Sa 17:12, Jes 11:1, Ro 15:12
g Rut 4:12

Tweede kol.
a Ge 46:12, Nu 26:21, 1Kr 2:5
b 1Kr 2:9, Mt 1:3
c Eks 6:23; 1Kr 2:10; Lu 3:33; d Nu 1:7; e 1Kr 2:11; Lu 3:32; f 1Kr 2:12; g Rut 4:17; 1Sa 16:1; h 2Sa 7:12; 1Kr 2:15; Mt 1:6; Lu 3:31.

DIE EERSTE BOEK VAN

# SAMUEL

of, volgens die Griekse *Septuagint,*
DIE EERSTE BOEK VAN KONINGS

**1** En daar was ’n sekere man
van Ramata′im-So′fim[a] van
die bergstreek van E′fraim,[b] en
sy naam was El′kana,[c] die seun
van Jero′ham, die seun van Eli′-
hu, die seun van Tohu, die seun
van Suf,[d] ’n Efraimiet. **2** En
hy het twee vrouens gehad; die
naam van die een was Han-
na, en die naam van die an-
der was Penin′na. En Penin′na
het kinders gehad, maar Han-
na het geen kinders gehad nie.[e]
**3** En dié man het van jaar tot
jaar uit sy stad opgegaan om
hom voor Jehovah van die leërs
neer te werp[f] en om aan hom
offerandes te bring in Silo.[g] En
dit is waar die twee seuns van
Eli, Hofni en Pi′nehas,[h] pries-
ters vir Jehovah was.[i]

**4** En op ’n dag het El′kana
’n offerande gebring, en hy het
dele aan sy vrou Penin′na en
aan al haar seuns en haar dog-
ters gegee;[j] **5** maar aan Han-
na het hy een deel gegee. Dit
was nietemin Hanna wat hy
liefgehad het,[a] en Jehovah het
haar moederskoot toegesluit.[b]
**6** En haar mededingster het
haar ook erg getart[c] om haar
ontsteld te laat voel omdat Je-
hovah haar moederskoot toege-
sluit het. **7** En so het sy jaar
na jaar gedoen,[d] elke keer as sy
na die huis van Jehovah opge-
gaan het.[e] So het sy haar ge-
tart, sodat sy gehuil het en nie
geëet het nie. **8** En haar man
El′kana het vir haar gesê: “Han-
na, waarom huil jy, en waarom
eet jy nie, en waarom is jou hart
bedroef?[f] Is ek nie vir jou beter
as tien seuns nie?”[g]

**9** Toe het Hanna opgestaan
nadat hulle in Silo geëet en na-
dat hulle gedrink het, terwyl
die priester Eli op die stoel by
die deurpos van die tempel[h] van

HFST. 1
a 1Sa 1:19, 1Sa 7:17, 1Sa 28:3
b Jos 16:5, Jos 17:16
c 1Kr 6:27
d 1Kr 6:35
e Ge 16:1, Ge 29:31
f Ps 95:6
g Eks 23:14, Eks 34:23, De 12:5, Jos 18:1, Rig 21:19, Lu 2:41
h 1Sa 2:12, 1Sa 2:22, 1Sa 2:34, 1Sa 4:17
i Nu 3:10, De 33:10, Mal 2:7
j Le 7:15, De 12:6

Tweede kol.
a Ge 29:30, De 21:15
b Ge 20:18, Ge 30:2
c Ge 16:4
d De 16:16, 1Sa 1:3
e 1Sa 2:19
f Ge 30:1
g Rut 4:15, Hgl 8:6
h Eks 25:8; Eks 40:2; 1Sa 1:24; 1Sa 3:3; 2Sa 7:2; 2Sa 22:7; Ps 27:4.

Jehovah gesit het. **10** En sy was bitter van siel,[a] en sy het tot Jehovah begin bid[b] en baie gehuil.[c] **11** En sy het ’n gelofte gedoen[d] en gesê: “O Jehovah van die leërs, as u vir seker die ellende van u slavin sal aansien[e] en aan my sal dink,[f] en u u slavin nie sal vergeet nie en aan u slavin ’n manlike nakomeling sal gee, sal ek hom aan Jehovah gee al die dae van sy lewe, en geen skeermes sal op sy kop kom nie.”[g]

**12** En terwyl sy lank voor Jehovah gebid het,[h] het Eli haar mond dopgehou. **13** Hanna het in haar hart gepraat;[i] net haar lippe het gebewe, en haar stem is nie gehoor nie. Maar Eli het gedink dat sy dronk is.[j] **14** Daarom het Eli vir haar gesê: “Hoe lank sal jy jou soos ’n dronk mens gedra?[k] Sit jou wyn van jou af weg.” **15** Hierop het Hanna geantwoord en gesê: “Nee, my heer! Ek is ’n vrou beswaard in gees; en ek het nie wyn en sterk drank gedrink nie, maar ek stort my siel voor Jehovah uit.[l] **16** Moenie u slavin met ’n deugniet[m] gelykstel nie, want uit die oorvloed van my besorgdheid en my kommer het ek tot nou toe gepraat.”[n] **17** Toe het Eli geantwoord en gesê: “Gaan in vrede,[o] en mag die God van Israel jou versoek toestaan wat jy van hom gevra het.”[p] **18** Hierop het sy gesê: “Laat u diensmeisie guns in u oë vind.”[q] En die vrou het weggegaan en geëet,[r] en haar gesig het nie meer besorgdheid oor haar situasie getoon nie.[s]

**19** Toe het hulle die oggend vroeg opgestaan en hulle voor Jehovah neergewerp, waarna hulle teruggekeer en in hulle huis in Rama[t] gekom het. El′kana het toe met sy vrou Hanna gemeenskap gehad,[a] en Jehovah het aan haar begin dink.[b] **20** En Hanna het na verloop van ’n jaar swanger geword en aan ’n seun geboorte gegee en hom Samuel genoem,[c] want, het sy gesê, “van Jehovah het ek hom gevra”.[d]

**21** Na verloop van tyd het die man El′kana saam met sy hele huisgesin opgegaan om die jaarlikse offerande[e] en sy gelofteoffer[f] aan Jehovah te bring. **22** Wat Hanna betref, sy het nie opgegaan nie,[g] want sy het vir haar man gesê: “Sodra die seun gespeen is,[h] sal ek hom bring, en hy sal voor Jehovah verskyn en tot onbepaalde tyd daar woon.”[i] **23** Hierop het haar man[j] El′kana vir haar gesê: “Doen wat goed is in jou oë.[k] Bly by die huis totdat jy hom speen. Mag Jehovah net sy woord uitvoer.”[l] Toe het die vrou by die huis gebly en haar seun gesoog totdat sy hom gespeen het.[m]

**24** En net nadat sy hom gespeen het, het sy hom saam met haar geneem, tesame met ’n drie jaar oue bul en een efa meel en ’n groot kruik wyn,[n] en sy het in die huis van Jehovah in Silo[o] ingegaan. En die seun was by haar. **25** Toe het hulle die bul geslag en die seun na Eli toe gebring.[p] **26** Daarop het sy gesê: “Verskoon my, my heer! So waar as u siel lewe,[q] my heer, ek is die vrou wat by u in hierdie plek gestaan het om tot Jehovah te bid.[r] **27** Met betrekking tot hierdie seun het ek gebid dat Jehovah my versoek moet toestaan[s] wat ek van hom gevra het.[t] **28** En op my beurt het ek hom aan Jehovah

**HFST. 1**

a Job 7:11; Jes 38:15
b Ps 55:22; Ps 65:2
c 2Kn 20:3
d Nu 30:7; Nu 30:14; De 23:23; Pr 5:4
e Jes 66:2; Lu 1:38; Heb 4:16
f Ge 30:22
g Nu 6:5; Rig 13:5; Lu 1:15
h Lu 18:1; Kol 4:2; 1Te 5:17
i Ge 24:45; Ne 2:4
j Han 2:13
k Spr 18:13; Jak 1:19
l Ps 42:4; Ps 42:6; Ps 62:8; Ps 142:2
m De 13:13; 1Sa 10:27; 1Sa 25:25; 1Sa 30:22
n Job 6:2; Job 10:1
o Rig 18:6; 1Sa 25:35; Mr 5:34; Lu 7:50; Lu 8:48
p 1Sa 1:11; Ps 20:4; Ps 65:2
q Ge 33:15; Rut 2:13
r Pr 9:7
s Flp 4:7; 1Pe 5:7
t 1Sa 1:1

**Tweede kol.**

a Ge 4:1; Rut 4:13
b 1Sa 1:11; Ps 66:19; Spr 15:29
c Ge 5:29; Ge 41:51; Eks 2:22; Mt 1:21
d Mt 7:7; 1Jo 5:14
e 1Sa 1:3
f Nu 15:3; Nu 15:8; De 23:23
g De 16:16
h 2Kr 31:16; Jes 28:9
i 1Sa 1:11; 1Sa 2:11; 1Sa 3:1
j Ef 5:25; 1Pe 3:7
k Nu 30:7
l Jes 55:11; Tit 1:2; Heb 6:18
m 2Kr 31:16; Jes 28:9
n Nu 15:10
o Jos 18:1; 1Sa 1:9

p 1Sa 1:3; q 1Sa 17:55; 1Sa 20:3; 2Sa 11:11; 2Kn 2:2; 2Kn 4:30; Pr 9:5; r 1Sa 1:15; s Ps 21:2; Ps 37:4; t 1Sa 1:11; 1Sa 1:17; Ps 66:19; Mt 7:7; 1Jo 5:15.

geleen.[a] Al die dae dat hy bestaan, is hy een wat gevra is vir Jehovah."

En hy het hom daar voor Jehovah neergebuig.[b]

**2** En Hanna het gebid[c] en gesê:

"My hart jubel in Jehovah,[d]
My horing is inderdaad verhef in Jehovah.[e]
My mond is wyd oop teen my vyande,
Want ek verbly my in u redding.[f]
2 Niemand is heilig soos Jehovah nie, want daar is niemand behalwe u nie;[g]
En daar is geen rots soos ons God nie.[h]
3 Julle moenie so dikwels alte hoogmoedig praat nie,
Laat niks onbeteueld uit julle mond uitgaan nie,[i]
Want Jehovah is 'n God van kennis,[j]
En deur hom word dade op juiste wyse getoets.[k]
4 Die sterk manne van die boog is met verskrikking vervul,[l]
Maar dié wat struikel, omgord hulle met lewenskragtigheid.[m]
5 Dié wat versadig was, moet hulle vir brood verhuur,[n]
Maar dié wat honger was, is nie meer honger nie.[o]
Selfs die onvrugbare het aan sewe geboorte gegee,[p]
Maar sy wat ryk aan seuns was, het weggekwyn.[q]
6 Jehovah maak dood, en Hy bewaar lewe,[r]
Hy laat na Sjeool afdaal,[s] en Hy laat daaruit opkom.[t]
7 Jehovah maak arm,[a] en Hy maak ryk,[b]
Hy verneder, ook verhef Hy,[c]
8 Hy rig 'n geringe op uit die stof;[d]
Uit die asput hef hy 'n arme op,[e]
Om hulle by edeles te laat sit; en hy gee aan hulle 'n troon van heerlikheid[f] as 'n besitting.[g]
Want aan Jehovah behoort die aarde se stutte,[h]
En hy plaas die vrugbare land daarop.
9 Hy bewaar die voete van sy lojales;[i]
Wat die goddeloses betref, hulle word in duisternis tot swye gebring,[j]
Want 'n man kry nie deur krag die oorhand nie.[k]
10 Wat Jehovah betref, dié wat met hom twis, sal verskrik wees;[l]
Teen hulle sal hy in die hemel donder.[m]
Jehovah sal die eindes van die aarde oordeel,[n]
Dat hy aan sy koning sterkte kan gee,[o]
Dat hy die horing van sy gesalfde kan verhef."[p]

**11** Toe het El'kana na Rama,
na sy huis, gegaan; en wat
die seun betref, hy het Jeho-
vah voor die priester Eli begin
dien.[q]
**12** En die seuns van Eli was
deugniete;[r] hulle het Jehovah
nie erken nie.[s] **13** Wat die reg
betref wat die priesters toekom van die volk af,[t] wanneer iemand 'n offerande gebring het, het 'n dienaar van die

**HFST. 1**
a Rig 11:31
b Ps 95:6

**HFST. 2**
c Flp 4:6
d Ps 13:6; Lu 1:46; Ro 5:11
e Ps 18:2; Ps 89:17; Ps 92:10
f Ps 9:14; Ps 13:5
g Eks 15:11; De 3:24; De 4:35; Ps 73:25; Ps 86:8; Ps 89:6
h De 32:4; 2Sa 22:32
i Ps 94:4; Jak 1:26; Jak 3:8
j Job 36:4; Job 37:16; Ps 147:5; Ro 11:33
k Spr 16:2; Spr 24:12
l Ps 37:15; Ps 76:3
m Jes 40:29
n Ps 34:10
o Lu 1:53
p 1Sa 1:11; 1Sa 1:20; Ps 113:9
q Jes 54:1; Ga 4:27
r De 32:39; Ps 68:20
s Ps 89:48
t Job 14:13; Ps 30:3; Ps 49:15; Ps 86:13; Joh 11:24; 1Ko 15:55

**Tweede kol.**
a De 28:15
b De 8:18; De 28:12; 2Kr 1:12; Job 42:12; Spr 10:22; 2Ko 9:11
c Ps 75:7; Flp 2:9
d Ps 113:7
e Lu 1:52; 1Pe 5:6
f 1Kn 3:13; Mt 18:4
g Ge 41:40
h Job 38:4; Ps 102:25
i Ps 91:11; Ps 97:10; Ps 121:3; Spr 2:8; Lu 1:79
j Ps 37:28; Sef 1:15
k 1Sa 14:6; 1Sa 17:50; Ps 33:16

**l** Eks 15:6; Ps 21:8; Ps 92:9; **m** 1Sa 7:10; 2Sa 22:14; Ps 18:13; **n** Ps 50:4; Ps 96:13; Han 17:31; **o** Ps 2:6; Ps 45:1; Ps 110:1; Jes 32:1; Mt 28:18; **p** Ps 75:10; Ps 89:17; Lu 1:69; Han 4:27; Han 10:38; **q** 1Sa 1:11; 1Sa 3:1; 1Sa 3:15; **r** 1Sa 2:22; Spr 17:25; **s** Tit 1:16; Heb 3:12; **t** Le 7:34.

priester met die drietandvurk
in sy hand gekom, wanneer die
vleis net aan die kook was,[a]
**14** en daarmee gesteek in die
kom of die kookpot met twee
handvatsels of die kookketel
of die kookpot met een hand-
vatsel. Alles wat die vurk na
bo gebring het, het die pries-
ter vir hom geneem. So het hul-
le in Silo gedoen met al die
Israeliete wat daarheen gekom
het.[b] **15** En nog voordat hul-
le die vet kon laat rook,[c] het 'n
dienaar van die priester gekom
en vir die man wat die offeran-
de bring, gesê: "Gee tog vleis
om vir die priester te braai so-
dat hy nie gekookte nie, maar
rou vleis van jou sal ontvang."[d]
**16** Wanneer die man vir hom
gesê het: "Hulle moet beslis
eers die vet laat rook.[e] Neem
dán vir jou wat jou siel ook
al begeer",[f] het hy gesê: "Nee,
maar jy moet dit nou gee; en
so nie, sal ek dit met geweld
moet neem!"[g] **17** En die sonde
van die dienaars was baie groot
voor Jehovah;[h] want die manne
het die offer van Jehovah met
minagting bejeën.[i]

**18** En Samuel het as 'n seun
voor Jehovah gedien,[j] omgord
met 'n linne-efod.[k] **19** Ook
het sy moeder vir hom 'n mou-
lose oorkleedjie gemaak, en sy
het dit van jaar tot jaar vir
hom gebring wanneer sy saam
met haar man opgekom het om
die jaarlikse offerande te bring.[l]
**20** En Eli het El'kana en sy
vrou geseën[m] en gesê: "Mag Je-
hovah uit hierdie vrou vir jou 'n
nakomeling beskik in die plek
van wat geleen is, wat aan Je-
hovah geleen is."[n] En hulle het
na hulle plek gegaan. **21** Toe
het Jehovah sy aandag op Han-
na gerig,[o] sodat sy swanger ge-
word en aan drie seuns en twee
dogters geboorte gegee het.[a]
En die seun Samuel het groot-
geword by Jehovah.[b]

**22** En Eli was baie oud, en
hy het gehoor[c] van alles wat
sy seuns aan die hele Israel bly
doen het[d] en hoe hulle by die
vroue gaan lê[e] het wat by die
ingang van die tent van sa-
mekoms gedien het.[f] **23** En
hy het dan vir hulle gesê:[g]
"Waarom hou julle aan om hier-
die dinge te doen?[h] Want die
dinge wat ek van die hele volk
omtrent julle hoor, is sleg.[i]
**24** Nee,[j] my seuns, want die be-
rig wat ek hoor, wat die volk
van Jehovah laat rondgaan, is
nie goed nie.[k] **25** As 'n mens
teen 'n mens sondig,[l] sal God
vir hom as skeidsregter op-
tree;[m] maar as 'n mens teen Je-
hovah sondig,[n] wie is daar dan
om vir hom te bid?"[o] Maar hul-
le het nie na die stem van hul-
le vader geluister nie,[p] want dit
het Jehovah toe behaag om hul-
le dood te maak.[q] **26** Die hele
tyd het die seun Samuel groter
en meer geliefd geword vanuit
Jehovah se standpunt sowel as
vanuit dié van mense.[r]

**27** En 'n man van God[s] het
na Eli toe gekom en vir hom ge-
sê: "Só het Jehovah gesê: 'Het
ek my nie inderdaad aan die
huis van jou voorvader geopen-
baar terwyl hulle in Egipte sla-
we van die huis van Farao was
nie?[t] **28** En hy is uit al die
stamme van Israel vir my uitge-
kies,[u] om as priester te dien en
op my altaar te klim[v] om offer-
rook te laat opgaan, om 'n efod
voor my te dra, sodat ek aan die
huis van jou voorvader al die
vuuroffers van die kinders van
Israel kon gee.[w] **29** Waarom

**HFST. 2**

a Le 6:28; Nu 6:19
b Mal 1:6
c Le 3:5
d Flp 3:19; Jud 12
e Le 3:16; Le 7:25; Le 7:31
f De 12:15
g Rig 18:25; Ne 5:15; Mi 2:1; 1Pe 5:2
h 1Sa 2:29; Jes 9:16
i 1Sa 2:14; Mal 2:8
j 1Sa 2:11; 1Sa 3:15; Spr 20:11
k 1Sa 22:18; 2Sa 6:14
l Eks 23:14; 1Sa 1:3; 1Sa 1:21
m Ge 14:19; Nu 6:23
n 1Sa 1:28
o Ge 21:1; De 7:14; 1Sa 1:19

**Tweede kol.**

a Ps 127:3
b Rig 13:24; 1Sa 2:26; 1Sa 3:19; Lu 1:80; Lu 2:52
c De 13:12
d 1Sa 2:14; 1Sa 2:17; 1Ti 5:20
e Le 21:6
f Jer 7:10; Ese 22:26
g Spr 13:24; Spr 19:13; Spr 19:18
h 1Sa 2:14; 1Sa 2:17; 1Sa 2:22; 1Kn 1:6; Jak 5:20
i Spr 13:14; Jes 3:9; Jer 8:12; Flp 3:19
j Mt 5:37; Jak 5:12
k 1Ti 3:7; Tit 1:7
l De 25:1
m De 17:12; 1Kn 8:31
n Nu 15:31; Nu 18:22; De 28:15; 1Sa 2:17; 1Sa 3:14; 2Kn 22:17
o Heb 10:26
p Spr 29:1; Spr 30:17
q Jos 11:20; Job 34:11; Spr 15:10; Ro 9:18; Heb 3:13

r 1Sa 2:21; Spr 3:4; Lu 2:52; s Rig 6:8; Heb 1:1; t Eks 4:14; Eks 4:27; u Eks 28:1; Eks 39:1; Le 8:12; Nu 16:5; Nu 17:5; Nu 17:8; Ps 99:6; v Nu 18:7; w Le 2:3; Le 6:16; Le 10:14; Nu 5:9; Nu 18:9.

bly julle skop na my offeran-
de[a] en na my offergawe wat ek
in my woonplek beveel het[b] en
bly jy jou seuns meer as my eer
deur julle vet te voer[c] met die
beste van elke offergawe van
my volk Israel?[d]
**30** “‘Daarom is die woord
van Jehovah, die God van Is-
rael: “Ek het inderdaad gesê:
Wat jou huis en die huis van jou
voorvader betref, hulle sal tot
onbepaalde tyd voor my wan-
del.”[e] Maar nou is die woord
van Jehovah: “Dit is vir my
ondenkbaar, want dié wat my
eer,[f] sal ek eer,[g] en dié wat my
verag, sal onbeduidend wees.”[h]
**31** Kyk! Daar kom dae dat ek
beslis jou arm en die arm van
die huis van jou voorvader sal
afkap, sodat daar nie ’n ou
man in jou huis sal wees nie.[i]
**32** En jy sal ’n teenstander in
my woonplek aanskou te mid-
de van al die goeie wat aan Is-
rael gedoen word;[j] en nooit sal
daar ’n ou man in jou huis
wees nie. **33** En tog is daar
van jou ’n man wat ek nie van
my altaar af sal uitroei nie, ten
einde jou oë te laat ingee en
jou siel te laat wegkwyn; maar
die meeste van jou huis sal al-
mal deur die swaard van mense
sterf.[k] **34** En dít is vir jou die
teken wat oor jou twee seuns,
Hofni en Piʹnehas,[l] sal kom: Op
een dag sal hulle al twee sterf.[m]
**35** En ek sal beslis vir my ’n ge-
troue priester verwek.[n] Hy sal
handel in ooreenstemming met
wat in my hart en in my siel
is; en ek sal beslis vir hom ’n
bestendige huis bou, en hy sal
beslis altyd voor my gesalfde[o]
wandel. **36** En almal wat in
jou huis oorbly,[p] sal hulle voor
hom kom neerbuig vir die beta-
ling van geld en ’n ronde brood
en sal beslis sê: “Verbind my as-
seblief aan een van die pries-
terampte sodat ek ’n stukkie
brood kan eet.”’”[a]

**3** Die hele tyd het die seun
Samuel Jehovah voor Eli ge-
dien,[b] en woorde van Jehovah[c]
het in dié dae seldsaam ge-
word;[d] visioene[e] was nie iets al-
gemeens nie.
**2** En op dié dag het Eli op sy
plek gelê, en sy oë het al begin
swak word;[f] hy kon nie sien nie.
**3** En die lamp van God was nog
nie uitgedoof nie, en Samuel
het in die tempel[g] van Jehovah
gelê, waar die ark van God was.
**4** En Jehovah het Samuel ge-
roep. Toe het hy gesê: “Hier is
ek.”[h] **5** En hy het na Eli toe
gehardloop en gesê: “Hier is ek,
want u het my geroep.” Maar
hy het gesê: “Ek het nie geroep
nie. Gaan lê weer.” Toe het hy
weggegaan en gaan lê. **6** En
Jehovah het weer eens geroep:
“Samuel!”[i] Hierop het Samuel
opgestaan en na Eli toe gegaan
en gesê: “Hier is ek, want u hét
my geroep.” Maar hy het ge-
sê: “Ek het nie geroep nie, my
seun.[j] Gaan lê weer.” **7** (Wat
Samuel betref, hy het Jehovah
nog nie leer ken nie, en die
woord van Jehovah was nog nie
voorheen aan hom geopenbaar
nie.)[k] **8** Toe het Jehovah weer
’n derde keer geroep: “Samuel!”
Daarop het hy opgestaan en na
Eli toe gegaan en gesê: “Hier
is ek, want u móés my geroep
het.”
En Eli het begin besef dat
Jehovah die seun geroep het.
**9** Gevolglik het Eli vir Samuel
gesê: “Gaan lê, en as hy jou
roep, moet jy sê: ‘Spreek, Jeho-
vah, want u kneg luister.’” En
Samuel het weggegaan en op sy
plek gaan lê.
**10** Toe het Jehovah gekom
en gaan staan en soos die an-

**HFST. 2**
a Mal 1:6
b Eks 25:8; Jos 18:1; 1Sa 1:3
c Ho 4:9
d 1Sa 2:14
e Eks 28:43
f Ps 50:23; Spr 3:9; 1Ti 1:17
g Ps 18:20; Ps 91:14; Joh 12:26
h De 28:45; 2Kn 2:24; Ese 18:24; Mal 2:9
i 1Sa 3:14; 1Sa 4:11; 1Sa 4:18; 1Sa 14:3; 1Sa 22:18; 1Kn 2:27; 1Kr 24:3; Ps 37:17
j 1Sa 4:22; Ps 78:61
k 1Sa 22:18; 1Sa 22:21
l 1Sa 1:3
m 1Sa 4:11; 1Sa 4:17
n 1Kn 2:35; 1Kr 29:22
o 1Sa 2:10; 1Sa 24:6; 2Kr 6:42
p 1Kn 2:27

**Tweede kol.**
a Le 2:3; Nu 5:9

**HFST. 3**
b 1Sa 2:11; 1Sa 2:18
c 2Sa 7:4
d Ps 74:9
e Nu 12:6; 1Kr 17:15
f Ge 27:1; 1Sa 4:15; Pr 12:3
g 1Sa 1:9; 1Sa 3:15; Ps 5:7
h Ge 22:1
i Ps 99:6
j 1Sa 3:16; 1Sa 4:16
k Am 3:7

der kere geroep: “Samuel, Sa-
muel!” Hierop het Samuel gesê:
“Spreek, want u kneg luister.”[a]
**11** En Jehovah het vir Samuel
gesê: “Kyk! Ek doen[b] iets in
Israel waarvan elkeen wat dit
hoor, se twee ore sal tuit.[c]
**12** Op dié dag sal ek teenoor Eli
alles uitvoer wat ek aangaande
sy huis gesê het, van begin tot
end.[d] **13** En jy moet vir hom
sê dat ek sy huis oordeel[e] tot
onbepaalde tyd oor die oortre-
ding waarvan hy geweet het,[f]
want sy seuns spreek ’n vloek
oor God uit,[g] en hy het hulle
nie bestraf nie.[h] **14** En daar-
om het ek vir die huis van Eli
gesweer dat die oortreding van
die huis van Eli tot onbepaalde
tyd nie van straf vrygestel sal
word deur offerande of deur of-
fergawe nie.”[i]

**15** En Samuel het tot die og-
gend toe bly lê. Toe het hy die
deure van Jehovah se huis oop-
gemaak.[j] En Samuel was bang
om vir Eli van die verskyning
te vertel.[k] **16** Maar Eli het Sa-
muel geroep en gesê: “Samuel,
my seun!” Hierop het hy gesê:
“Hier is ek.” **17** En hy het ge-
sê: “Wat is die woord wat hy
met jou gespreek het? Moet dit
asseblief nie vir my wegsteek
nie.[l] Mag God so aan jou doen
en mag hy so daaraan toevoeg[m]
as jy vir my ’n woord wegsteek
van al die woorde wat hy met
jou gespreek het.” **18** Toe het
Samuel hom al die woorde mee-
gedeel, en hy het niks vir hom
weggesteek nie. Daarop het hy
gesê: “Dit is Jehovah. Laat hom
doen wat goed is in sy oë.”[n]

**19** En Samuel het grootge-
word, en Jehovah was met hom[o]
en het nie een van al sy woor-
de op die aarde laat val nie.[p]
**20** En die hele Israel van Dan
tot Berse′ba[q] het besef dat Sa-
muel gemagtig is om ’n profeet
vir Jehovah te wees.[a] **21** En
Jehovah het weer[b] in Silo ver-
skyn, want Jehovah het hom
in Silo aan Samuel geopenbaar
deur die woord van Jehovah.[c]

**4** En die woord van Samuel
het tot die hele Israel bly
kom.

Toe het Israel uitgetrek om
die Filistyne in die geveg te ont-
moet; en hulle het langs Eben-
haëser[d] kamp opgeslaan, en die
Filistyne het in Afek[e] kamp
opgeslaan. **2** En die Filistyne
het hulle in slagorde opgestel[f]
om Israel te ontmoet, en die
geveg het sleg verloop, sodat
Israel verslaan is voor die Fi-
listyne,[g] wat ongeveer vierdui-
send man in geslote gevegsli-
nie in die veld doodgemaak het.
**3** Toe die manskappe in die
kamp kom, het die ouer man-
ne van Israel begin sê: “Waarom
het Jehovah ons vandag voor
die Filistyne verslaan?[h] Laat
ons die ark van Jehovah se ver-
bond[i] uit Silo na ons toe bring,
sodat dit onder ons kan inkom
en ons uit die palm van ons vy-
ande kan red.” **4** Daarop het
die manskappe na Silo gestuur
en die ark van die verbond van
Jehovah van die leërs, wat op
die gerubs sit,[j] daarvandaan ge-
bring. En die twee seuns van
Eli, naamlik Hofni en Pi′nehas,
was daar by die ark van die ver-
bond van die ware God.[k]

**5** En net toe die ark van
die verbond van Jehovah in
die kamp inkom, het al die Is-
raeliete ’n groot gejuig aan-
gehef,[l] sodat die aarde gebewe
het. **6** Die Filistyne het ook
die geluid van die gejuig ge-
hoor en begin sê: “Wat bete-
ken die geluid van hierdie groot
gejuig[m] in die kamp van die

**HFST. 3**
a Ps 85:8, Jes 55:2, Da 10:19
b Am 3:7, Hab 1:5
c 2Kn 21:12, Jer 19:3
d Nu 23:19, 1Sa 2:31, Jes 46:11, Jes 55:11, Sag 1:6
e Ese 7:8, Ese 18:30
f Le 5:1, 1Sa 2:22, Joh 15:22, Jak 4:17
g Nu 15:30, 1Sa 2:12, 1Sa 2:17, 1Sa 2:30
h 1Sa 2:23, Spr 19:18, Pr 8:11, 1Ti 5:20
i De 5:9, 1Sa 2:24, 1Sa 4:11, 1Sa 22:21, 1Kn 2:27, Heb 10:26
j 1Sa 2:11, 1Sa 3:1
k Jer 1:6
l Ps 141:5
m Rut 1:17, 1Sa 20:13, 2Sa 19:13
n Job 1:21, Klg 3:39, Han 21:14
o Ge 39:3, 1Sa 2:21
p 1Sa 9:6, Jes 44:26
q Rig 20:1

**Tweede kol.**
a 1Sa 2:7, Ps 75:7
b 1Sa 3:1
c 1Sa 3:4, Ps 99:6, Am 3:7

**HFST. 4**
d 1Sa 5:1
e Jos 12:18
f 1Sa 17:21
g Jos 7:12, Ps 44:9, Ps 79:7, Ps 106:41
h De 28:25, De 32:30, Rig 2:14
i Nu 14:44, Jos 6:4, 1Sa 14:18, 2Sa 15:25
j Eks 25:18, Nu 7:89, 2Sa 6:2, 2Kn 19:15, Ps 80:1, Ps 99:1
k Nu 4:15, 1Sa 2:12
l Jer 7:4
m Eks 32:17

Hebreërs?” Uiteindelik het hul-
le te wete gekom dat die ark
van Jehovah in die kamp in-
gekom het. **7** En die Filisty-
ne het bang geword, want hul-
le het gesê: “God het in die
kamp ingekom!”[a] Toe het hul-
le gesê: “Wee ons, want so iets
het nog nooit tevore gebeur
nie! **8** Wee ons! Wie sal ons
red uit die hand van hierdie ma-
jestueuse God? Dit is die God
wat Egipte in die wildernis met
elke soort slagting getref het.[b]
**9** Wees moedig en wys dat julle
manne is, o Filistyne, sodat jul-
le nie die Hebreërs sal dien net
soos hulle julle gedien het nie;[c]
en julle moet wys dat julle man-
ne is en veg!” **10** Toe het die
Filistyne geveg en is Israel ver-
slaan,[d] en hulle het elkeen na
sy tent gevlug;[e] en die slagting
was baie groot,[f] sodat daar van
Israel dertigduisend voetsolda-
te geval het.[g] **11** En selfs die
ark van God is buitgemaak,[h] en
die twee seuns van Eli, Hofni en
Pi′nehas, het gesterf.[i]

**12** En ’n man van Benjamin
het van die gevegslinie af ge-
hardloop sodat hy daardie dag
met geskeurde klere[j] en grond
op sy kop[k] in Silo aangekom
het. **13** Toe hy daar aankom,
het Eli op die stoel langs die
pad gesit, op die uitkyk, want
sy hart het gebewe oor die ark
van die ware God.[l] En die man
het ingegaan om in die stad be-
rig te bring, en die hele stad het
begin skreeu. **14** En Eli het
die geluid van die geskreeu ge-
hoor. Toe het hy gesê: “Wat be-
teken die rumoerige geluid?”[m]
En die man het hom gehaas
om aan Eli berig te gaan bring.
**15** (En Eli was agt-en-negen-
tig jaar oud, en sy oë het ver-
star sodat hy nie kon sien nie.)[n]
**16** En die man het vir Eli ge-
sê: “Ek het van die gevegsli-
nie af gekom, en ek—van die
gevegslinie af het ek vandag ge-
vlug.” Hierop het hy gesê: “Wat
het daar gebeur, my seun?”
**17** Toe het die bringer van die
nuus geantwoord en gesê: “Is-
rael het voor die Filistyne ge-
vlug, en die manskappe het ook
’n groot nederlaag gely;[a] en ook
u twee seuns—Hofni en Pi′ne-
has[b]—het gesterf, en die ark
van die ware God is buitge-
maak.”[c]

**18** En die oomblik toe hy van
die ark van die ware God mel-
ding maak, het hy van die stoel
af agteroor geval, langs die
poort, en hy het sy nek gebreek
sodat hy gesterf het, want die
man was oud en swaar; en hy
het Israel veertig jaar lank ge-
rig. **19** En sy skoondogter, die
vrou van Pi′nehas, was swanger
en het op die punt gestaan om
geboorte te gee, en sy het die
berig gehoor dat die ark van die
ware God buitgemaak is en dat
haar skoonvader en haar man
gesterf het. Daarop het sy haar
gebuig en geboorte begin gee,
want haar pyne het onverwags
oor haar gekom.[d] **20** En toe
sy op sterwe lê, het die vroue
wat by haar gestaan het, be-
gin sê: “Moenie bang wees nie,
want jy het ’n seun gebaar.”[e] En
sy het nie geantwoord nie en
haar hart nie daarop gerig nie.
**21** Maar sy het die seun I′ka-
bod[f] genoem en gesê: “Heerlik-
heid is uit Israel in ballingskap
weggevoer”,[g] met verwysing
na die ark van die ware God
wat buitgemaak is en met ver-
wysing na haar skoonvader en
haar man.[h] **22** Toe het sy ge-
sê: “Heerlikheid is uit Israel in
ballingskap weggevoer,[i] omdat
die ark van die ware God buit-
gemaak is.”[j]

**HFST. 4**
a Eks 14:25, Eks 15:14
b Eks 7:5, Ps 78:43, Ps 78:51
c Nu 33:56, De 28:48, Rig 10:7, Rig 13:1
d Le 26:17, De 28:25, 1Sa 4:2
e 1Kn 22:36
f De 28:25, Rig 2:14
g Ps 78:62
h 1Sa 4:3, Ps 78:61, Klg 2:17
i 1Sa 2:31, 1Sa 2:34, 1Sa 4:17, Ps 78:64, Pr 8:8, Pr 8:13
j 2Sa 1:2
k Jos 7:6, 2Sa 13:19, 2Sa 15:32, Ne 9:1, Job 2:12
l 1Sa 4:4
m 1Sa 4:10
n 1Sa 3:2, Ps 90:10

**Tweede kol.**
a 1Sa 3:11, 1Sa 4:10
b 1Sa 2:34, Ps 78:64
c 1Sa 4:11, Ps 78:61, Klg 2:17
d Ge 35:16
e Ge 35:17
f 1Sa 14:3
g 1Sa 4:5, 1Sa 4:11, Ps 78:61
h 1Sa 2:32, 1Sa 2:34
i De 28:15
j 1Sa 4:11, 2Kr 8:11, Jer 7:12

**5** Wat die Filistyne betref,
hulle het die ark[a] van die
ware God geneem en dit toe van
Ebenhaëser af na Asdod[b] ge-
bring. **2** En die Filistyne het
die ark van die ware God ge-
neem en dit in die huis van
Dagon ingebring en dit langs
Dagon[c] neergesit. **3** Toe het
die Asdodiete die volgende dag
vroeg opgestaan, en kyk, Da-
gon het met sy gesig op die
aarde voor die ark van Jeho-
vah gelê.[d] En hulle het Da-
gon geneem en hom weer op
sy plek gesit.[e] **4** Toe hulle die
dag daarna vroeg in die oggend
opstaan, kyk, daar het Dagon
met sy gesig op die aarde voor
die ark van Jehovah gelê, ter-
wyl die kop van Dagon en sy
twee handpalms afgekap op die
drumpel gelê het.[f] Net die vis-
gedeelte het aan hom oorge-
bly. **5** Daarom trap die pries-
ters van Dagon en almal wat in
die huis van Dagon ingaan, tot
vandag toe nie op die drumpel
van Dagon in Asdod nie.

**6** En die hand van Jehovah[g]
het swaar geword op die Asdo-
diete, en hy het paniek begin
veroorsaak en hulle met aam-
beie getref,[h] naamlik Asdod en
sy gebiede. **7** En die manne
van Asdod het gesien dat dit so
was, en hulle het gesê: “Moe-
nie die ark van die God van Is-
rael by ons laat bly nie, want
sy hand was hard teen ons en
teen ons god Dagon.”[i] **8** Ge-
volglik het hulle gestuur en al
die spilvorste van die Filistyne
by hulle versamel en gesê: “Wat
sal ons met die ark van die
God van Israel doen?” Uiteinde-
lik het hulle gesê: “Laat die ark
van die God van Israel na Gat[j]
oorgaan.” Daarop het hulle die
ark van die God van Israel daar-
heen oorgebring.

**9** En nadat hulle dit daar-
heen oorgebring het, was die
hand van Jehovah[a] teen die
stad met ’n baie groot verwar-
ring, en hy het die manne van
die stad begin tref, van klein
tot groot, en aambeie[b] het by
hulle begin uitbreek. **10** Hul-
le het derhalwe die ark van
die ware God na Ekron[c] ge-
stuur. En net toe die ark van
die ware God in Ekron kom,
het die Ekroniete begin skreeu
en gesê: “Hulle het die ark van
die God van Israel na my toe
oorgebring om my en my volk
dood te maak!”[d] **11** Gevolglik
het hulle gestuur en al die spil-
vorste van die Filistyne laat by-
mekaarkom en gesê: “STUUR die
ark van die God van Israel weg
sodat dit na sy plek kan terug-
keer en my en my volk nie sal
doodmaak nie.” Want ’n dode-
like verwarring het in die hele
stad ontstaan;[e] die hand van die
ware God was daar baie swaar,[f]
**12** en die manne wat nie ge-
sterf het nie, is met aambeie ge-
tref.[g] En die hulpgeroep[h] van
die stad het na die hemel bly op-
styg.

**6** En die ark[i] van Jehovah
was sewe maande lank in
die gebied van die Filistyne.
**2** En die Filistyne het die pries-
ters en die waarsêers[j] geroep
en gesê: “Wat sal ons met die
ark van Jehovah doen? Laat
ons weet waarmee ons dit na sy
plek moet wegstuur.” **3** Hier-
op het hulle gesê: “As julle die
ark van die God van Israel weg-
stuur, moet julle dit nie sonder
’n offer wegstuur nie, want jul-
le moet alte seker ’n skuldoffer
aan hom teruggee.[k] Dan sal jul-
le gesond word, en dit sal aan
julle bekend word waarom sy
hand nie van julle gewyk het
nie.” **4** Hierop het hulle gesê:

**HFST. 5**
a 1Sa 4:11; 1Sa 4:17; Ps 78:61
b Jos 11:22; 1Sa 6:17; Han 8:40
c Rig 16:23; 1Kr 10:10; Ps 115:4
d Eks 12:12; 1Kr 16:26; Ps 95:3; Ps 96:5; Ps 97:7; Jes 19:1; Sef 2:11
e Jes 46:7
f Jes 2:18; Jer 10:11
g Eks 9:3; 1Sa 5:9; 1Sa 5:11; 1Sa 7:13
h De 28:27; 1Sa 6:5
i 1Ko 8:5
j 1Sa 17:4

**Tweede kol.**
a De 2:15; 1Sa 7:13
b 1Sa 5:6
c Jos 15:45; Rig 1:18; 2Kn 1:2; Am 1:8
d 1Sa 5:7
e Heb 10:31
f 1Sa 5:9
g De 28:27
h Ps 115:6; Da 5:23; Hab 2:19

**HFST. 6**
i 1Sa 4:11; 1Sa 5:1; Ps 78:61
j Eks 7:11; Le 19:31; De 18:12; Jes 2:6
k 1Sa 6:4; 1Sa 6:17

“Wat is die skuldoffer wat ons
aan hom moet teruggee?” Toe
het hulle gesê: “Volgens die ge-
tal spilvorste[a] van die Filisty-
ne: vyf goue aambeie en vyf
goue springmuise, want julle al-
mal en julle spilvorste het die-
selfde plaag. **5** En julle moet
beelde maak van julle aambeie
en beelde van julle springmui-
se[b] wat die land verwoes, en jul-
le moet aan die God van Israel
heerlikheid gee.[c] Miskien sal hy
sy hand ligter maak oor julle en
julle god en julle land.[d] **6** En
waarom sou julle julle hart ver-
hard net soos Egipte en Farao
hulle hart verhard het?[e] Was
dit nie net nadat Hy streng
teen hulle opgetree het[f] dat hul-
le hulle weggestuur het en hulle
weggetrek het nie?[g] **7** Neem
en maak dan nou ’n nuwe wa,[h]
en twee sogende koeie, waarop
geen juk[i] gekom het nie, en jul-
le moet die koeie voor die wa
inspan, en julle moet hulle kal-
wers agter hulle wegkeer huis
toe. **8** En julle moet die ark
van Jehovah neem en dit op die
wa sit, en die goue voorwerpe[j]
wat julle as ’n skuldoffer[k] aan
hom moet teruggee, moet jul-
le in ’n kissie daar langsaan
sit. En julle moet dit wegstuur,
en dit moet gaan. **9** En julle
moet kyk: as dit met die pad
na sy gebied opgaan, na Bet-
Semes,[l] dan het hy ons hierdie
groot kwaad aangedoen; maar
so nie, dan sal ons weet dat dit
nie sy hand was wat ons aan-
geraak het nie; ’n ongeluk[m] het
ons getref.”

**10** En die manne het dit ge-
doen. Hulle het twee sogende
koeie geneem en hulle voor die
wa ingespan, en hulle kalwers
het hulle by die huis toegesluit.
**11** Toe het hulle die ark van Je-
hovah op die wa gesit,[n] en ook
die kissie en die goue spring-
muise en die beelde van hulle
aambeie. **12** En die koeie het
reguit vorentoe begin gaan op
die pad na Bet-Semes.[a] Op die
een grootpad het hulle gegaan,
al bulkende terwyl hulle gaan,
en hulle het nie regs of links
uitgedraai nie. Die hele tyd het
die spilvorste[b] van die Filistyne
agter hulle aan geloop tot by die
grens van Bet-Semes. **13** En
mense van Bet-Semes het die
koringoes[c] in die laagvlakte in-
gesamel. Toe hulle hulle oë op-
slaan en die Ark sien, was hulle
bly om dit te sien. **14** En die
wa het tot op die grond van Jo-
sua, die Bet-Semiet, gekom en
daar bly staan, waar daar ’n
groot klip was. En hulle het die
hout van die wa gekloof, en die
koeie[d] het hulle as ’n brandoffer
aan Jehovah geoffer.[e]

**15** En die Leviete[f] het die
ark van Jehovah en die kis-
sie wat daarby was, waarin die
goue voorwerpe was, afgehaal
en dit op die groot klip gesit. En
wat die manne van Bet-Semes[g]
betref, hulle het brandoffers ge-
offer, en hulle het op dié dag of-
ferandes aan Jehovah bly bring.

**16** En die vyf spilvorste[h] van
die Filistyne het dit gesien en
op dié dag na Ekron terugge-
gaan. **17** Dít is dan nou die
goue aambeie wat die Filistyne
as ’n skuldoffer aan Jehovah te-
ruggegee het:[i] vir Asdod[j] een,
vir Gasa[k] een, vir As′kelon[l] een,
vir Gat[m] een, vir Ekron[n] een.
**18** En die goue springmuise
was volgens die getal van al die
stede van die Filistyne wat aan
die vyf spilvorste behoort het,
van die versterkte stede sowel
as die dorpies van die oop land.

En die groot klip waarop hul-
le die ark van Jehovah laat rus
het, is tot vandag toe ’n ge-

**HFST. 6**

a Jos 13:3, Rig 3:3, 1Sa 6:16
b Le 11:29, 1Sa 6:18, Jes 66:17
c 1Kr 16:28, Ps 18:44, Jes 42:12
d Eks 9:3, 1Sa 5:6, 1Sa 5:11
e Eks 7:13, Eks 8:15, Eks 14:17, Ro 9:18
f Eks 9:14, Eks 9:16, Ro 9:17
g Eks 6:1, Eks 11:1, Eks 12:33, Ps 105:38
h 2Sa 6:3, 1Kr 13:7
i Nu 19:2
j 1Sa 6:4
k 1Sa 6:3
l Jos 15:10, Jos 21:16, 2Kn 14:11, 1Kr 6:59, 2Kr 28:18
m Pr 9:11
n 2Sa 6:3, 1Kr 13:7

**Tweede kol.**

a 1Sa 6:9
b Jos 13:3, Rig 3:3, 1Sa 6:4
c Rut 2:2, Rut 2:23
d Ge 15:9, 1Sa 6:7, 1Sa 16:2
e Eks 20:24, Rig 21:4
f Nu 3:31
g Jos 21:16
h 1Sa 6:12
i 1Sa 6:4
j 1Sa 5:1, 2Kr 26:6, Jer 25:20, Sag 9:6, Han 8:40
k Rig 16:1, Rig 16:21, Am 1:7, Han 8:26
l Rig 1:18, Sag 9:5
m 1Sa 5:8, 1Sa 17:4, 2Sa 21:22
n Jos 13:3, 1Sa 5:10, 2Kn 1:2, Am 1:8

tuie op die grond van Josua, die
Bet-Semiet. **19** En hy het die
manne van Bet-Semes[a] doodge-
maak, omdat hulle na die ark
van Jehovah gekyk het. So het
hy onder die volk sewentig man
—vyftigduisend man—doodge-
maak, en die volk het begin
treur omdat Jehovah 'n groot
slagting onder die volk aan-
gerig het.[b] **20** Verder het die
manne van Bet-Semes gesê:
"Wie sal kan staande bly voor
Jehovah, hierdie heilige God,[c]
en na wie toe sal hy van ons
af weggaan?"[d] **21** Uiteindelik
het hulle boodskappers na die
inwoners van Kir′jat-Jea′rim[e]
gestuur en gesê: "Die Filistyne
het die ark van Jehovah terug-
gegee. Kom af. Neem dit na jul-
le toe op."[f]

**7** Toe het die manne van Kir′-
jat-Jea′rim[g] gekom en die
ark van Jehovah geneem en dit
in die huis van Abina′dab[h] op
die heuwel ingebring, en hul-
le het sy seun Elea′sar geheilig
om die ark van Jehovah te be-
waak.

**2** En van die dag af dat die
Ark in Kir′jat-Jea′rim gebly
het, het die dae bly vermeer-
der, sodat dit twintig jaar was,
en die hele huis van Israel het
agter Jehovah aan geweeklaag.[i]
**3** En Samuel het vir die hele
huis van Israel gesê: "As jul-
le met julle hele hart tot Jeho-
vah terugkeer,[j] moet julle die
vreemde gode uit julle midde
verwyder[k] en ook die Asto′ret-
beelde,[l] en julle moet julle hart
onwrikbaar op Jehovah rig en
hom alleen dien,[m] en hy sal jul-
le uit die hand van die Filisty-
ne verlos."[n] **4** Daarop het die
kinders van Israel die Baäls[o] en
die Asto′ret-beelde[p] verwyder
en Jehovah alleen begin dien.

**5** Toe het Samuel gesê:
"Bring die hele Israel[a] by Mis-
pa[b] bymekaar, sodat ek vir julle
tot Jehovah kan bid."[c] **6** Toe
is hulle by Mispa bymekaarge-
bring, en hulle het water ge-
skep en dit voor Jehovah uitge-
giet en dié dag gevas.[d] En hulle
het daar begin sê: "Ons het teen
Jehovah gesondig."[e] En Samuel
het die kinders van Israel in
Mispa begin rig.[f]

**7** En die Filistyne het ge-
hoor dat die kinders van Is-
rael by Mispa bymekaargekom
het, en die spilvorste[g] van die
Filistyne het teen Israel opge-
trek. Toe die kinders van Israel
dit hoor, het hulle bang geword
weens die Filistyne.[h] **8** Daar-
om het die kinders van Israel
vir Samuel gesê: "Bly ter wille
van ons nie stil deur nie tot Je-
hovah ons God om hulp te roep
nie,[i] sodat hy ons uit die hand
van die Filistyne kan red."
**9** Toe het Samuel 'n suiglam
geneem en dit as 'n brandof-
fer, 'n heeloffer,[j] aan Jehovah
geoffer; en Samuel het vir Is-
rael tot Jehovah om hulp be-
gin roep,[k] en Jehovah het hom
verhoor.[l] **10** En terwyl Sa-
muel die brandoffer gebring
het, het die Filistyne nader
gekom om teen Israel oorlog
te voer. En Jehovah het dit
toe díe dag met 'n harde ge-
raas[m] teen die Filistyne laat
donder, om hulle in verwarring
te bring;[n] en hulle is voor Is-
rael verslaan.[o] **11** Daarop het
die manne van Israel van Mis-
pa af uitgetrek en die Filistyne
agtervolg en hulle tot suid van
Bet-Kar verslaan. **12** Toe het
Samuel 'n klip geneem[p] en dit
tussen Mispa en Jesa′na gesit

**HFST. 6**
a Jos 15:10; Jos 21:16; 1Sa 6:9
b Nu 4:6; Nu 4:15; Nu 4:20; 1Kr 13:10
c Le 11:45; 1Sa 2:2
d Nu 17:12; 2Sa 6:9; 1Kr 13:12; Ps 76:7
e Jos 18:14; Rig 18:12; 1Kr 13:5
f 1Kr 13:6; 1Kr 16:1; 2Kr 1:4

**HFST. 7**
g 2Sa 6:2; 1Kr 13:5
h 2Sa 6:4; 1Kr 13:7
i Rig 2:4; Ne 9:28; 2Ko 7:10
j De 30:2; 1Sa 12:24; 1Kn 8:48; Jes 55:7; Jl 2:12
k Jos 24:14; Jos 24:23; Rig 3:7; Rig 10:6
l Rig 2:13
m De 6:13; De 10:20; De 13:4; Lu 4:8
n De 28:1
o Rig 10:16
p 1Kn 11:33

**Tweede kol.**
a Jl 2:16
b Jos 18:26; Rig 20:1; Rig 21:1; 1Sa 10:17; 1Kn 15:22; 2Kn 25:23; Jer 40:6
c 1Sa 12:23; Spr 15:8; Jak 5:16
d 2Kr 20:3; Ne 9:1; Jl 2:12
e Le 26:40; Rig 10:10; 1Kn 8:47; Ps 106:6
f Rig 2:18
g Jos 13:3; 1Sa 6:4
h Ps 56:3; Spr 29:25; Mt 10:28
i 1Sa 12:19; Ps 78:34; Ps 86:7; Jes 37:4
j Le 1:10; Rig 6:26; 1Kn 18:38
k Ps 99:6

**l** Ps 28:6; Ps 50:15; 1Jo 5:14; **m** 1Sa 2:10; 2Sa 22:14; **n** Jos 10:10; Rig 4:15; **o** De 20:4; De 28:7; **p** Ge 31:45; Ge 35:14; Jos 4:9; Jos 24:26.

en dit Ebenhaëser genoem.
Daarop het hy gesê: “Tot nou
toe het Jehovah ons gehelp.”[a]
**13** So is die Filistyne onder-
werp, en hulle het nie meer die
gebied van Israel binnegekom
nie;[b] en die hand van Jehovah
was voortdurend teen die Fili-
styne al die dae van Samuel.[c]
**14** En die stede wat die Filisty-
ne van Israel geneem het, het
na Israel toe bly terugkom, van
Ekron af tot by Gat, en die ge-
bied daarvan het Israel uit die
hand van die Filistyne verlos.

En daar was vrede tussen Is-
rael en die Amoriete.[d]

**15** En Samuel het Israel ge-
rig al die dae van sy lewe.[e]
**16** En hy het van jaar tot jaar
gereis en die kring van Bet-
El[f] en Gilgal[g] en Mispa[h] deur-
gegaan en Israel op al hierdie
plekke gerig.[i] **17** Maar hy het
na Rama[j] teruggekeer, want sy
huis was daar, en hy het Israel
daar gerig. En daar het hy ’n al-
taar vir Jehovah gebou.[k]

**8** En toe Samuel oud geword
het, het hy sy seuns as
rigters vir Israel aangestel.[l]
**2** En die naam van sy eers-
gebore seun was Joël,[m] en die
naam van sy tweede Abi′a;[n] hul-
le het in Berse′ba reggespreek.
**3** En sy seuns het nie in sy weë
gewandel nie,[o] maar hulle was
geneig om onregverdige wins
na te jaag[p] en het ’n omkoopge-
skenk aanvaar[q] en die reg ver-
draai.[r]

**4** Na verloop van tyd het al
die ouer manne van Israel[s] by-
mekaargekom en na Samuel toe
gekom in Rama **5** en vir hom
gesê: “Kyk! U het oud geword,
maar u seuns het nie in u weë
gewandel nie. Stel tog nou vir
ons ’n koning aan[t] om ons te rig
soos al die nasies.” **6** Maar die
saak was sleg in die oë van Sa-
muel, aangesien hulle gesê het:
“Gee ons tog ’n koning om ons
te rig”, en Samuel het tot Jeho-
vah begin bid.[a] **7** Toe het Je-
hovah vir Samuel gesê:[b] “Luis-
ter na die stem van die volk met
betrekking tot alles wat hulle
vir jou sê;[c] want nie jou het
hulle verwerp nie, maar my het
hulle verwerp om nie koning[d]
oor hulle te wees nie. **8** In
ooreenstemming met al hulle
dade wat hulle gedoen het van
die dag af dat ek hulle uit Egip-
te laat optrek het[e] tot vandag
toe, deurdat hulle my voortdu-
rend verlaat het[f] en ander gode
gedien het,[g] so doen hulle ook
met jou. **9** En luister dan nou
na hulle stem. Jy moet hulle
net ernstig waarsku, en jy moet
hulle vertel wat die regmatige
deel is van die koning wat oor
hulle sal regeer.”[h]

**10** Toe het Samuel al die
woorde van Jehovah meege-
deel aan die volk wat ’n koning
van hom gevra het. **11** En hy
het gesê: “Dít sal die regmatige
deel[i] word van die koning wat
oor julle sal regeer: Julle seuns
sal hy neem[j] en hulle vir hom
in sy strydwaens[k] en by sy rui-
ters plaas,[l] en party sal voor
sy strydwaens uit moet hard-
loop;[m] **12** en om vir hom hoof-
de oor duisend[n] en hoofde oor
vyftig[o] aan te stel, en party
om vir hom te ploeg[p] en om sy
oes in te samel[q] en om sy oor-
logstuig[r] en voorwerpe vir sy
strydwaens[s] te maak. **13** En
julle dogters sal hy as salf-
mengsters en kooksters en bak-
sters[t] neem. **14** En julle lan-
de en julle wingerde[u] en julle
olyfboorde,[v] die bestes, sal hy

**HFST. 7**
a Ps 44:3; Han 26:22
b 1Sa 9:16; 1Sa 13:5
c 1Sa 14:23; 1Sa 17:51
d Ge 15:18; Ge 15:21; Rig 11:23
e Rig 2:16; 1Sa 3:20; 1Sa 12:11; 1Sa 25:1; Han 13:20
f Jos 16:1
g Jos 15:7; 1Sa 11:15
h 1Sa 7:5
i 1Sa 3:20; 1Sa 12:11
j 1Sa 1:1; 1Sa 8:4; 1Sa 19:18
k Eks 20:25

**HFST. 8**
l 1Ti 5:22
m 1Kr 6:28
n 1Kr 6:28
o Pr 2:19
p Eks 18:21; 1Ti 3:3; 1Pe 5:2
q Eks 23:8; De 16:19; Ps 15:5; Ps 26:10; Spr 29:4; Jes 1:23; Jes 33:15; Mi 3:11
r De 24:17; Job 34:12; Spr 31:5; Jer 22:17
s Eks 18:25; Rig 21:16; 1Sa 4:3; 2Sa 5:3; 1Kn 20:7
t De 17:14; 1Sa 12:13; Ho 13:10; Han 13:21

**Tweede kol.**
a Ps 143:10; Mt 6:10
b 1Sa 15:10; Ps 99:6
c Ps 81:12
d Rig 8:23; 1Sa 10:19; 1Sa 12:12; Ps 74:12; Jes 33:22
e Eks 14:30
f De 9:24; Jer 22:21
g De 32:16; Rig 2:19; Ps 78:58
h De 17:15
i 1Sa 10:25
j 1Sa 14:52; 1Kn 12:4
k 1Kn 9:22; 1Kn 10:26
l 1Kn 4:26

m 2Sa 8:4; 2Sa 15:1; 1Kn 1:5; n 2Sa 18:1; 1Kr 27:1; o 2Kn 1:14; p 1Kr 27:26; q 1Kn 4:7; r 1Kr 12:37; s 1Kn 4:26; t 1Kn 4:22; u 1Kn 21:7; v 1Kr 27:28.

neem en aan sy knegte gee.
**15** En van julle saailande en
van julle wingerde sal hy die
tiende neem,[a] en hy sal dit be-
slis aan sy hofbeamptes[b] en sy
knegte gee. **16** En julle diens-
knegte en julle diensmeisies
en julle beste beeste en jul-
le esels sal hy neem, en hy
sal hulle vir sy werk moet ge-
bruik.[c] **17** Van julle kleinvee[d]
sal hy die tiende neem, en júlle
sal sy knegte word. **18** En jul-
le sal beslis in daardie dag uit-
roep weens julle koning,[e] wat
julle vir julle gekies het, maar
Jehovah sal julle in daardie dag
nie antwoord nie."[f]

**19** Die volk het egter gewei-
er om na die stem van Samuel
te luister[g] en gesê: "Nee, maar
'n koning sal oor ons wees.
**20** En ons, ook ons, moet soos
al die nasies word,[h] en ons ko-
ning moet ons rig en voor ons
uittrek en ons oorloë voer."
**21** En Samuel het al die woor-
de van die volk aangehoor; toe
het hy dit voor die ore van Je-
hovah gespreek.[i] **22** En Jeho-
vah het vir Samuel gesê: "Luis-
ter na hulle stem, en jy moet 'n
koning oor hulle laat regeer."[j]
Toe het Samuel vir die manne
van Israel gesê: "Gaan elkeen
na sy stad."

**9** En daar was 'n man van
Benjamin, en sy naam was
Kis,[k] die seun van Abi′ël, die
seun van Seror, die seun van
Bego′rat, die seun van Afi′ag, 'n
Benjaminiet,[l] 'n baie ryk man.[m]
**2** En hy het 'n seun gehad met
die naam Saul,[n] jonk en aan-
treklik, en geen man onder die
kinders van Israel was aantrek-
liker as hy nie; van sy skouers
af boontoe was hy langer as die
hele volk.[o]

**3** En die eselinne[p] van Kis,
die vader van Saul, het weg-
geraak. Daarom het Kis vir sy
seun Saul gesê: "Neem asseblief
een van die dienaars saam met
jou en staan op, gaan soek die
eselinne." **4** En hy het deur
die bergstreek van E′fraim[a] ge-
gaan en het deur die land Sali′-
sa[b] verder gegaan, en hulle het
hulle nie gevind nie. En hulle
het deur die land Sa′älim ver-
der gegaan, maar hulle was nie
daar nie. En hy het deur die
land van die Benjaminiete ver-
der gegaan, en hulle het hulle
nie gevind nie.

**5** Hulle het in die land Suf
gekom; en Saul het vir sy die-
naar wat by hom was, gesê:
"Kom tog, en laat ons terug-
keer, sodat my vader nie mis-
kien ophou om hom oor die ese-
linne te bekommer en oor ons
besorg raak nie."[c] **6** Maar hy
het vir hom gesê: "Kyk asse-
blief! Daar is 'n man van God[d]
in hierdie stad, en die man word
hooggeag. Alles wat hy sê, word
vir seker bewaarheid.[e] Laat ons
nou daarheen gaan. Miskien
kan hy vir ons sê watter weg
ons moet gaan." **7** Hierop het
Saul vir sy dienaar gesê: "En as
ons sou gaan, wat sal ons vir
die man bring?[f] Want die brood
het uit ons houers verdwyn, en
daar is niks om as 'n geskenk[g]
vir die man van die ware God te
bring nie. Wat het ons by ons?"
**8** Toe het die dienaar Saul weer
eens geantwoord en gesê: "Kyk!
Daar is 'n kwart sikkel[h] sil-
wer in my hand, en ek sal dit
aan die man van die ware God
moet gee, en hy sal vir ons moet
sê watter weg ons moet gaan."
**9** (In vroeër tye in Israel sou 'n
man só gepraat het wanneer hy
God gaan soek: "KOM, en laat
ons na die siener[i] toe gaan."
Want die profeet van vandag
is in vroeër tye gewoonlik 'n

**HFST. 8**
a 1Kn 12:10
b Ge 37:36; 1Kr 28:1
c 1Kn 5:16
d 1Kn 4:23
e 1Kn 12:4
f Job 27:9; Ps 18:41; Spr 1:26; Mi 3:4
g Ps 81:11; Jer 7:13; Ese 33:31
h Le 20:24; Nu 23:9; De 7:6; 1Sa 8:5; Ps 106:35
i Ps 99:6
j 1Sa 8:7; Ho 13:11

**HFST. 9**
k 1Sa 14:51; 1Kr 8:33; 1Kr 9:39; Han 13:21
l Rig 21:17
m 1Sa 25:2; 2Sa 19:32; Job 1:3
n 1Sa 11:15; 1Sa 13:13; 1Sa 15:26; 1Sa 16:23; 1Sa 28:7; 1Sa 31:4; 2Sa 1:23; Han 13:21
o 1Sa 10:23
p Rig 5:10; Rig 10:4

**Tweede kol.**
a Jos 17:10; Jos 17:16
b 2Kn 4:42
c 1Sa 9:20; 1Sa 10:2
d De 33:1; 1Sa 2:27; 1Kn 13:1; 2Kn 6:6
e 1Sa 3:19; Jes 44:26; Sag 1:6; Heb 1:1
f 1Kn 14:3; 2Kn 4:42; Ga 6:6
g 2Kn 5:15; 2Kn 8:8; Spr 17:8; Spr 18:16
h Ge 24:22
i 1Sa 9:19; 2Sa 15:27; 1Kr 9:22; 1Kr 29:29

siener genoem.) **10** Toe het
Saul vir sy dienaar gesê: “Jou
woord is goed.[a] Kom tog, laat
ons gaan.” En hulle het na die
stad gegaan waar die man van
die ware God was.

**11** Terwyl hulle die op-
draand na die stad opgegaan
het, het hulle meisies gevind
wat uitgaan om water te skep.[b]
En hulle het vir hulle gesê:
“Is die siener[c] in hierdie plek?”
**12** Toe het hulle hulle geant-
woord en gesê: “Hy is. Kyk! Hy
is voor jou. Haas jou nou, want
hy het vandag na die stad ge-
kom, omdat daar vandag ’n offe-
rande[d] vir die volk op die hoog-
te[e] is. **13** Sodra julle in die
stad inkom, sal julle hom vind
net voordat hy na die hoogte
opgaan om te eet; want die volk
mag nie eet voordat hy kom nie,
want hy seën die offerande.[f]
Eers daarna kan die genooides
eet. En GAAN dan nou op, want
hom—juis nou sal julle hom
vind.” **14** Daarop het hulle na
die stad opgegaan. Toe hulle
binne-in die stad kom, kyk, toe
het Samuel uitgekom, hulle te-
gemoet, om na die hoogte op te
gaan.

**15** Wat Jehovah betref, hy
het die dag voordat Saul ge-
kom het, die oor van Samuel ge-
open[g] en gesê: **16** “Môre om-
streeks hierdie tyd sal ek ’n
man uit die land van Benjamin[h]
na jou toe stuur, en jy moet
hom as leier oor my volk Is-
rael salf;[i] en hy sal my volk uit
die hand van die Filistyne red,[j]
want ek het die ellende van my
volk gesien, omdat hulle geroep
tot my gekom het.”[k] **17** En
Samuel het Saul gesien, en wat
Jehovah betref, hy het hom ge-
antwoord: “Hier is die man van
wie ek vir jou gesê het: ‘Hy sal
my volk in bedwang hou.’ ”[l]

**18** Toe het Saul nader ge-
kom na Samuel toe binne-in die
poort en gesê: “Vertel my tog
asseblief: Presies waar is die
huis van die siener?” **19** En
Samuel het Saul geantwoord en
gesê: “Ek is die siener. Gaan
voor my op na die hoogte, en
julle moet vandag saam met
my eet,[a] en ek sal jou môre-
oggend wegstuur, en ek sal jou
alles vertel wat in jou hart is.[b]
**20** Wat die eselinne betref wat
jy al drie dae vermis,[c] moenie
jou hart op hulle rig[d] nie, want
hulle is gevind. En aan wie be-
hoort al die begeerlike dinge
van Israel?[e] Is dit nie aan jou
en aan die hele huis van jou va-
der nie?” **21** Hierop het Saul
geantwoord en gesê: “Is ek nie
’n Benjaminiet, uit die kleinste[f]
van die stamme van Israel,[g] en
my familie die onbeduidendste
van al die families van die stam
Benjamin nie?[h] Waarom het u
dan so iets vir my gesê?”[i]

**22** Toe het Samuel Saul en
sy dienaar geneem en hulle
na die eetsaal gebring en hul-
le ’n plek aan die hoof[j] van die
genooides gegee; en hulle was
ongeveer dertig man. **23** La-
ter het Samuel vir die kok ge-
sê: “Gee tog die deel wat ek
aan jou gegee het, waarvan ek
vir jou gesê het: ‘Sit dit by jou
weg.’ ” **24** Daarop het die kok
die boud en wat daaraan was,
afgelig en dit voor Saul gesit.
En hy het gesê: “Hier is wat be-
waar is. Sit dit voor jou. Eet,
want hulle het dit tot die vasge-
stelde tyd vir jou bewaar sodat
jy saam met die genooides kan
eet.” So het Saul dié dag saam
met Samuel geëet. **25** Daarna
het hulle van die hoogte[k] af
na die stad gegaan, en hy het
op die dak[l] verder met Saul ge-
praat. **26** Toe het hulle vroeg

**HFST. 9**

a Spr 13:10; Spr 15:22
b Ge 24:20; Eks 2:16
c 1Sa 9:19; 2Sa 15:27
d Ge 31:54; 1Sa 7:9; 1Sa 16:5
e 1Kn 3:2; 1Kr 16:39; 2Kr 1:3
f Mr 6:41; Lu 9:16
g 1Sa 20:2; 2Sa 7:27; Job 33:16; Ps 25:14; Ps 99:6; Am 3:7
h Jos 18:11
i 1Sa 10:1; 1Sa 15:1; 2Kn 9:3
j Ge 49:27
k Eks 2:25; Ps 106:44; Ps 107:19
l 1Sa 10:24; 1Sa 15:17; Han 13:21

**Tweede kol.**

a 1Sa 9:13; 1Sa 9:24
b 1Kr 28:9; Heb 4:13
c 1Sa 9:3
d 1Sa 4:20
e 1Sa 8:5; 1Sa 8:19; 1Sa 12:13
f Rig 20:46; Rig 20:47; Rig 21:6; Ps 68:27
g Rig 21:3
h Rig 6:15; Spr 3:34; Spr 11:2; Spr 18:12; Spr 22:4; Lu 14:11; Jak 4:6; 1Pe 5:5
i 1Sa 2:8
j Lu 14:10
k 1Sa 9:13; 1Sa 9:19; 1Kn 3:2; 1Kn 3:3
l Ne 8:16; Han 10:9

opgestaan, en net toe die dag
breek, het Samuel na Saul op
die dak geroep en gesê: “Staan
tog op, sodat ek jou kan weg-
stuur.” Daarop het Saul opge-
staan, en hulle twee, hy en
Samuel, het na buite gegaan.
**27** Terwyl hulle aan die rand
van die stad afgegaan het, het
Samuel vir Saul gesê: “Sê vir
die dienaar[a] dat hy voor ons uit
moet gaan”—toe het hy voor-
uitgegaan—“en staan jy nou
stil sodat ek jou die woord van
God kan laat hoor.”

**10** Samuel het toe die fles[b]
olie geneem en dit op
sy kop uitgegiet en hom ge-
soen[c] en gesê: “Is dit nie om-
dat Jehovah jou as ’n leier[d]
oor sy erfdeel[e] gesalf het nie?
**2** Wanneer jy vandag van my
af weggaan, sal jy beslis twee
manne naby die graf van Ra-
gel[f] in die gebied van Benja-
min by Selsag vind, en hulle
sal beslis vir jou sê: ‘Die eselin-
ne wat jy gaan soek het, is ge-
vind, maar nou het jou vader
die saak van die eselinne[g] opge-
gee en oor julle besorg geraak
en gesê: “Wat sal ek omtrent my
seun doen?”’[h] **3** En jy moet
daarvandaan nog verder gaan
en tot by die groot boom van
Tabor kom, en drie manne wat
na die ware God in Bet-El[i] op-
gaan, sal jou daar ontmoet; een
dra drie boklammers[j] en een
dra drie ronde brode[k] en een
dra ’n groot kruik wyn.[l] **4** En
hulle sal beslis na jou welstand
vra[m] en jou twee brode gee, en
jy moet dit uit hulle hand aan-
vaar. **5** Daarna sal jy by die
heuwel van die ware God[n] kom,
waar daar ’n garnisoen[o] van
die Filistyne is. En wanneer jy
daar by die stad kom, sal jy be-
slis ’n groep profete[p] ontmoet
wat van die hoogte[q] afkom, en
voor hulle uit ’n snaarinstru-
ment[a] en tamboeryn[b] en fluit[c]
en harp,[d] terwyl hulle as profe-
te spreek. **6** En die gees[e] van
Jehovah sal beslis oor jou werk-
saam word, en jy sal beslis saam
met hulle as ’n profeet spreek[f]
en in ’n ander mens verander
word. **7** En wanneer hierdie
tekens[g] oor jou kom, moet jy
doen wat jou hand moontlik
vind,[h] want die ware God is met
jou.[i] **8** En jy moet voor my uit
na Gilgal[j] afgaan; en kyk! ek
gaan af na jou toe om brandof-
fers te offer, om gemeenskaps-
offers[k] te bring. Sewe[l] dae moet
jy bly wag totdat ek na jou toe
kom, en ek sal jou beslis laat
weet wat jy moet doen.”

**9** En net toe hy sy skouer
draai om van Samuel af weg
te gaan, het God sy hart in
’n ander begin verander;[m] en
al hierdie tekens[n] het op dié
dag uitgekom. **10** En hulle
het daarvandaan na die heuwel
gegaan, en kyk, ’n groep profe-
te het hom tegemoetgekom; da-
delik het die gees van God oor
hom werksaam geword,[o] en hy
het onder hulle as ’n profeet
begin spreek.[p] **11** En toe al-
mal wat hom voorheen geken
het, hom sien, kyk! toe het hy
saam met profete geprofeteer.
Gevolglik het die volk die een
vir die ander gesê: “Wat het
met die seun van Kis gebeur?
Is Saul ook onder die profete?”[q]
**12** ’n Man van daar het toe ge-
antwoord en gesê: “Maar wie is
hulle vader?” Daarom het dit ’n
spreekwoord[r] geword: “Is Saul
ook onder die profete?”

**13** Eindelik het hy opgehou
om as ’n profeet te spreek en by
die hoogte gekom. **14** Later
het die broer van Saul se vader
vir hom en vir sy dienaar gesê:
“Waarheen het julle gegaan?”

**HFST. 9**

a 1Sa 9:3; 1Sa 9:10; 1Sa 20:38

**HFST. 10**

b 1Sa 16:13; 2Kn 9:3
c Ge 31:55; Ge 48:10; Ge 50:1; 2Sa 19:39
d Ge 49:27; 1Sa 8:9; 1Sa 9:16; Han 13:21
e Eks 19:5; De 32:9
f Ge 35:19
g 1Sa 9:3; 1Sa 10:16
h 1Sa 9:5
i Ge 28:19; Ge 28:22; 1Sa 7:16
j Rig 6:19; Rig 15:1
k Jer 37:21
l Le 23:13; Nu 15:5
m Rig 18:15
n Ge 5:22
o 1Sa 13:3
p 1Sa 19:20; 2Kn 2:3; 2Kn 4:38; 2Kn 6:1
q 1Sa 9:12

**Tweede kol.**

a 1Kr 13:8
b 1Sa 18:6
c 1Kn 1:40; Jes 5:12
d 2Sa 6:5; 1Kn 10:12; 1Kr 16:5
e Nu 11:25; Han 28:25; 2Pe 1:21
f 1Sa 10:10; 1Sa 19:23; 1Kn 18:29; 1Kn 22:10
g Eks 4:8; 1Sa 10:9; Jer 44:29
h Rig 9:33
i De 20:1; Rig 6:12
j 1Sa 7:16; 1Sa 11:14
k 1Sa 13:9
l 1Sa 13:8
m 1Sa 10:6; 1Kn 3:12; Ps 51:10
n 1Sa 10:7; Jes 38:7
o Rig 14:6; 1Sa 11:6; 1Sa 16:13; Sag 4:6; 2Ko 3:5
p 1Sa 10:6; 1Sa 19:23
q 1Sa 19:24; Mt 13:54; Han 6:15
r Job 27:1; Ps 78:2

Daarop het hy gesê: “Om die
eselinne te soek,[a] en ons het
verder gegaan om te kyk,
maar hulle was nie daar nie.
So het ons by Samuel gekom.”
**15** Hierop het Saul se oom ge-
sê: “Vertel my tog asseblief:
Wat het Samuel vir julle gesê?”
**16** Toe het Saul vir sy oom ge-
sê: “Hy het ons uitdruklik ver-
tel dat die eselinne gevind is.”
En die saak van die koningskap
waaroor Samuel gepraat het,
het hy hom nie vertel nie.[b]

**17** En Samuel het die volk
voor Jehovah in Mispa[c] byme-
kaargeroep **18** en vir die kin-
ders van Israel gesê: “Só het
Jehovah, die God van Israel, ge-
sê:[d] ‘Ek het Israel uit Egip-
te laat optrek en julle verlos
uit die hand van Egipte[e] en
uit die hand van al die konink-
ryke wat julle onderdruk het.[f]
**19** Maar julle—vandag het jul-
le julle God verwerp[g] wat vir
julle ’n redder uit al julle kwaad
en julle benoudhede was, en jul-
le het gesê: “Nee, maar ’n ko-
ning moet jy oor ons aanstel.”
Gaan staan dan nou voor Jeho-
vah volgens julle stamme[h] en
volgens julle duisende.’ ”

**20** Daarop het Samuel al die
stamme van Israel laat nader
kom,[i] en die stam Benjamin is
aangewys.[j] **21** Toe het hy die
stam Benjamin volgens sy fami-
lies laat nader kom, en die fa-
milie van die Matriete is aange-
wys.[k] Laastens is Saul, die seun
van Kis, aangewys.[l] En hulle
het hom gesoek, en hy kon
nie gevind word nie. **22** Hul-
le het Jehovah derhalwe ver-
der geraadpleeg:[m] “Het die man
al hierheen gekom?” Hierop
het Jehovah gesê: “Hier is hy,
versteek[n] tussen die bagasie.”
**23** En hulle het gehardloop en
hom daarvandaan gaan haal.
Toe hy in die middel van die
volk gaan staan, was hy van
sy skouers af boontoe langer as
die res van die volk.[a] **24** Toe
het Samuel vir die hele volk
gesê: “Het julle die een gesien
wat Jehovah uitgekies het,[b] dat
daar onder die hele volk nie-
mand soos hy is nie?” En die
hele volk het begin juig en gesê:
“Mag die koning lewe!”[c]

**25** Daarop het Samuel met
die volk oor die regmatige deel
van die koningskap[d] gepraat en
dit in ’n boek geskryf en dit
voor Jehovah neergesit. Toe
het Samuel die hele volk weg-
gestuur, elkeen na sy huis.
**26** Wat Saul betref, hy het na
sy huis in Gi′bea[e] gegaan, en die
dapper manne wie se hart God
geroer het, het saam met hom
gegaan.[f] **27** Wat die deugnie-
te[g] betref, hulle het gesê: “Hoe
sal hý ons red?”[h] Gevolglik het
hulle hom verag,[i] en hulle het
vir hom geen geskenk gebring
nie.[j] Maar hy was die hele tyd
soos iemand wat stom geword
het.[k]

**11** En Nahas, die Ammo-
niet,[l] het opgetrek en
teen Jabes[m] in Gi′lead kamp op-
geslaan. Daarop het al die man-
ne van Jabes vir Nahas gesê:
“Sluit ’n verbond met ons dat
ons u sal dien.”[n] **2** Toe het
Nahas, die Ammoniet, vir hul-
le gesê: “Op hierdie voorwaar-
de sal ek dit met julle sluit,
op voorwaarde dat julle almal
se regteroog uitgesteek word,[o]
en ek sal dit as ’n smaad op
die hele Israel lê.”[p] **3** Hierop
het die ouer manne van Jabes
vir hom gesê: “Gee ons sewe
dae tyd, en ons sal boodskap-
pers deur die hele gebied van
Israel stuur, en as daar vir ons
geen redder is nie,[q] dan sal ons
na u toe uitkom.” **4** Na ver-

HFST. 10
a 1Sa 9:3
b Ps 141:3; Spr 10:19; Spr 13:3; Spr 21:23; Spr 27:2; Jer 9:23
c 1Sa 7:5
d De 18:20
e Eks 13:14; Eks 14:30; De 4:34; Rig 6:8; Ne 9:9
f Ne 9:27; Ps 107:19
g 1Sa 8:7; 1Sa 12:12
h 2Kr 30:6
i Jos 7:14; Han 1:24
j Jos 7:16; 1Sa 9:21
k Jos 7:17
l Jos 7:18; Han 13:21
m Rig 1:1; Rig 20:18; Rig 20:28; 1Sa 23:2
n 1Sa 9:21; Spr 11:2; Lu 9:48

Tweede kol.
a 1Sa 9:2
b De 17:15; 1Sa 9:17
c 1Kn 1:25; 1Kn 1:39; 2Kn 11:12; Mt 21:9
d 1Sa 8:11
e Jos 18:28; Rig 20:14; 1Sa 11:4; 1Sa 13:2; 2Sa 21:6
f Esr 1:5
g 2Sa 20:1; 2Kr 13:7; Na 1:15
h 1Sa 11:12; Han 7:51
i Pr 10:20
j 1Kn 10:10; 2Kr 17:5; Spr 18:16; Mt 2:11
k Spr 17:27; Ga 5:23; Jak 1:19

HFST. 11
l De 2:19
m Rig 21:8; 1Sa 31:11
n De 23:3
o Rig 16:21; 2Kn 25:7
p Spr 18:3
q Rig 3:9

loop van tyd het die boodskap-
pers by Gi′bea[a] van Saul gekom
en die woorde voor die ore van
die volk gespreek, en die hele
volk het hulle stem begin ver-
hef en gehuil.[b]
**5** Maar kyk, Saul het agter
die beeste van die veld af ge-
kom, en Saul het gesê: “Wat ma-
keer die volk, dat hulle huil?”
En hulle het hom die woorde
van die manne van Jabes be-
gin vertel. **6** En die gees[c] van
God het oor Saul werksaam
geword toe hy hierdie woor-
de hoor, en sy toorn het he-
wig ontvlam.[d] **7** Daarop het
hy ’n paar bulle geneem en hul-
le in stukke gesny en dit deur
die hand van die boodskappers
deur die hele gebied van Israel
gestuur[e] en gesê: “Elkeen on-
der ons wat nie as ’n volgeling
van Saul en van Samuel uittrek
nie—so sal met sy beeste ge-
doen word!”[f] En vrees[g] vir Jeho-
vah[h] het op die volk begin val
sodat hulle soos een man[i] uit-
getrek het. **8** Toe het hy hul-
le volle getal in Besek opge-
neem,[j] en die kinders van Israel
was driehonderdduisend en die
manne van Juda dertigduisend.
**9** Hulle het toe vir die bood-
skappers wat gekom het, gesê:
“So moet julle vir die manne
van Jabes in Gi′lead sê: ‘Môre
sal daar vir julle redding kom
wanneer die son warm word.’ ”[k]
Daarop het die boodskappers
gekom en vir die manne van
Jabes vertel, en hulle was bly.
**10** Toe het die manne van Ja-
bes gesê: “Môre sal ons na jul-
le toe uitkom, en julle moet met
ons doen ooreenkomstig alles
wat goed is in julle oë.”[l]
**11** En die volgende dag het
Saul[m] die volk in drie afdelings
opgestel;[n] en hulle het geduren-
de die oggendwaak[o] tot binne-
in die kamp gekom en die Am-
moniete verslaan[a] totdat die
dag warm geword het. Toe som-
mige oorgebly het, is hulle ver-
strooi, en daar het onder hul-
le nie twee bymekaar oorgebly
nie.[b] **12** En die volk het vir
Samuel begin sê: “Wie is dit
wat sê: ‘Saul—gaan hy koning
oor ons wees?’[c] LEWER die man-
ne uit, sodat ons hulle kan dood-
maak.”[d] **13** Saul het egter ge-
sê: “Geen man moet op hierdie
dag doodgemaak word nie,[e]
want vandag het Jehovah red-
ding in Israel bewerk.”[f]
**14** Later het Samuel vir die
volk gesê: “Kom en laat ons
na Gilgal[g] gaan sodat ons daar
die koningskap kan vernuwe.”[h]
**15** En die hele volk het na Gil-
gal gegaan, en daar het hulle
Saul voor Jehovah in Gilgal
koning gemaak. Toe het hul-
le daar voor Jehovah gemeen-
skapsoffers gebring,[i] en Saul en
al die manne van Israel het hul-
le daar grootliks verbly.[j]

**12** Uiteindelik het Samuel
vir die hele Israel gesê:
“Kyk, ek het na julle stem ge-
luister in alles wat julle vir my
gesê het,[k] dat ek ’n koning oor
julle moet laat regeer.[l] **2** En
kyk nou, die koning wandel
voor julle![m] Wat my betref, ek
het oud[n] en grys[o] geword, en
my seuns, kyk, hulle is by jul-
le,[p] en ek—ek het van my jeug
af tot vandag toe voor julle ge-
wandel.[q] **3** Hier is ek. Getuig
teen my voor Jehovah en voor
sy gesalfde:[r] Wie se bul het ek
geneem of wie se esel het ek ge-
neem[s] of wie het ek verkul of
wie het ek verdruk of uit wie
se hand het ek swyggeld aan-
vaar om my oë daarmee te ver-
berg?[t] En ek sal dit aan julle

**HFST. 11**
a 1Sa 10:26; 1Sa 14:2
b Rig 2:4; Rig 21:2; 1Sa 30:4
c Rig 3:10; Rig 6:34; Rig 11:29; Rig 14:6; 1Sa 10:10; 1Sa 16:13
d Eks 11:8; Eks 32:19; Ro 12:9
e Rig 19:29
f Rig 21:5
g 1Kr 14:17
h Ge 35:5; 2Kr 14:14; 2Kr 17:10
i Rig 20:8
j 1Sa 13:15
k Ps 18:17
l 1Sa 11:3
m 1Sa 9:16
n Rig 7:16; Rig 9:43; Spr 24:6
o Eks 14:24

**Tweede kol.**
a 1Sa 11:1
b De 28:7; Ps 21:8; Ps 21:12
c 1Sa 10:27; Spr 24:21
d Spr 25:5; Lu 19:27
e 2Sa 19:22; Spr 20:28; Ro 12:19
f 1Sa 19:5; 1Kr 11:14; Ps 44:7; Jes 59:16
g 1Sa 7:16
h 1Sa 10:17; 1Sa 10:24
i Le 7:11; 1Sa 10:8
j 1Kn 1:40; 2Kn 11:14; 1Kr 12:40; Op 19:6

**HFST. 12**
k 1Sa 8:5; 1Sa 8:21
l 1Sa 10:24; 1Sa 11:14
m Nu 27:17; 1Sa 8:20
n 1Sa 8:1
o Ps 71:18; Spr 16:31; Spr 20:29; Jes 46:4
p 1Sa 8:3; Ese 18:20
q 1Sa 3:19; Ps 99:6
r 1Sa 9:16; 1Sa 10:1; 1Sa 24:6; 2Sa 1:14; Han 4:27; Han 10:38

s Nu 16:15; t De 16:19.

teruggee."[a] **4** Hierop het hul-
le gesê: "U het ons nie verkul
nie, en u het ons nie verdruk
nie, en u het hoegenaamd niks
uit die hand van enigiemand
aanvaar nie."[b] **5** Toe het hy
vir hulle gesê: "Jehovah is 'n ge-
tuie teen julle, en sy gesalfde[c] is
vandag 'n getuie dat julle hoe-
genaamd niks in my hand ge-
vind het nie."[d] Hierop het hulle
gesê: "Hy is 'n getuie."

**6** En Samuel het verder vir
die volk gesê: "Jehovah is 'n ge-
tuie, wat Moses en Aäron ge-
bruik het en wat julle voorva-
ders uit Egipteland laat optrek
het.[e] **7** Gaan staan dan nou,
en ek sal julle voor Jehovah rig
en julle vertel van al die reg-
verdige dade[f] van Jehovah wat
hy aan julle en aan julle voorva-
ders gedoen het.

**8** "Nadat Jakob in Egipte ge-
kom[g] en julle voorvaders tot Je-
hovah om hulp begin roep het,[h]
het Jehovah Moses[i] en Aäron
gestuur, sodat hulle julle voor-
vaders uit Egipte sou lei en
hulle op hierdie plek sou laat
woon.[j] **9** En hulle het Jeho-
vah hulle God vergeet,[k] sodat
hy hulle in die hand van Si'-
sera,[l] die leërhoof van Hasor,
en in die hand van die Filisty-
ne[m] en in die hand van die ko-
ning van Moab[n] verkoop het,[o]
en dié het teen hulle bly veg.
**10** En hulle het tot Jehovah om
hulp begin roep[p] en gesê: 'Ons
het gesondig,[q] want ons het Je-
hovah verlaat om die Baäls[r] en
die Asto'ret-beelde te dien;[s] en
verlos[t] ons nou uit die hand
van ons vyande, sodat ons u
kan dien.' **11** En Jehovah het
Jerub'baäl[u] en Bedan en Jefta[v]
en Samuel[w] gestuur en julle uit
die hand van julle vyande rond-
om verlos, sodat julle in veilig-
heid kon woon.[x] **12** Toe julle
sien dat Nahas,[a] die koning van
die kinders van Ammon, teen
julle opgetrek het, het julle vir
my bly sê: 'Nee, maar 'n ko-
ning moet oor ons regeer!'[b] ter-
wyl Jehovah julle God al die
tyd julle Koning was.[c] **13** En
hier is nou die koning wat jul-
le gekies het, wat julle gevra
het;[d] en kyk, Jehovah het 'n
koning oor julle aangestel.[e]
**14** As julle Jehovah vrees[f] en
hom dien[g] en sy stem gehoor-
saam[h] en nie teen die bevel
van Jehovah in opstand kom[i]
nie, sal julle sowel as die ko-
ning wat oor julle sal regeer, be-
slis volgelinge van Jehovah jul-
le God wees. **15** Maar as julle
nie die stem van Jehovah ge-
hoorsaam nie[j] en julle teen die
bevel van Jehovah in opstand
kom,[k] sal die hand van Jehovah
beslis teen julle en julle vaders
wees.[l] **16** Gaan staan dan nou
ook en sien hierdie groot ding
wat Jehovah voor julle oë doen.
**17** Is dit nie vandag die koring-
oes[m] nie? Ek sal Jehovah aan-
roep[n] sodat hy donderslae en
reën sal gee;[o] weet dan en sien
dat julle kwaad oorvloedig is[p]
wat julle in die oë van Jehovah
gedoen het deur vir julle 'n ko-
ning te vra."

**18** Daarop het Samuel Jeho-
vah aangeroep,[q] en Jehovah het
op dié dag donderslae en reën
gegee,[r] sodat die hele volk Jeho-
vah en Samuel baie gevrees het.
**19** En die hele volk het vir Sa-
muel begin sê: "Bid[s] vir u kneg-
te tot Jehovah u God, aangesien
ons nie wil sterf nie; want ons
het kwaad by al ons sondes ge-
voeg deur vir ons 'n koning te
vra."

**20** Toe het Samuel vir die
volk gesê: "Moenie bang wees

**HFST. 12**

a Eks 22:4; Le 6:4; Lu 19:8
b Ps 37:6; Da 6:4; 1Ti 3:2
c 1Sa 26:11
d Ps 17:3; Ps 37:37; Joh 18:38; Han 20:33; 1Te 2:5
e Eks 6:26; Ne 9:14; Ps 77:20; Ps 105:26; Ho 12:13; Mi 6:4
f Rig 5:11
g Ge 46:6; Nu 20:15; Han 7:15
h Eks 2:23; Eks 3:9
i Eks 3:10
j Jos 1:2; Jos 11:23; Ps 44:3
k De 32:18; Rig 2:12; Ps 106:39
l Rig 4:2
m Rig 10:7; Rig 13:1
n Rig 3:12
o De 32:30; Rig 2:14
p Rig 2:18; Rig 3:9; Rig 6:7
q Rig 10:10
r Rig 3:7
s Rig 2:13
t Rig 10:15
u Rig 6:32
v Rig 11:1
w Heb 11:32
x Le 26:6; Ps 4:8

**Tweede kol.**

a 1Sa 11:1
b 1Sa 8:5; 1Sa 8:19
c De 33:5; Rig 8:23; 1Sa 8:7; Ps 74:12; Jes 33:22
d 1Sa 8:5
e 1Sa 9:16; 1Sa 10:24; Ho 13:11
f De 10:12; De 17:19
g De 6:13; Jos 24:14
h De 13:4; De 28:2
i Nu 14:9; Jos 22:29
j Le 26:14; De 28:15
k Jos 24:20
l Le 26:17; Nu 33:56; De 28:45
m Spr 26:1
n 1Sa 7:9; Jak 5:16
o Jak 5:17

**p** 1Sa 8:7; Ho 13:11; **q** 1Kn 18:37; **r** 1Kn 18:1; **s** 1Sa 7:5; 1Sa 12:23; Spr 15:8; Han 8:24; Jak 5:16.

nie.[a] Julle—julle het al hierdie
kwaad gedoen. Moet net nie
daarvan afwyk om Jehovah te
volg nie,[b] en julle moet Jeho-
vah met julle hele hart dien.[c]
**21** En julle mag nie afwyk om
die onwerklikhede te volg[d] wat
geen voordeel bring[e] en wat
nie verlos nie, omdat hulle on-
werklikhede is. **22** Want Je-
hovah sal sy volk ter wille van
sy groot naam[f] nie verstoot
nie,[g] omdat Jehovah self besluit
het om julle sy volk te maak.[h]
**23** Ook wat my betref, dit is vir
my ondenkbaar om teen Jeho-
vah te sondig deur op te hou om
vir julle te bid;[i] en ek sal julle in
die goeie[j] en regte weg onder-
rig.[k] **24** Vrees[l] net Jehovah,
en julle moet hom in waarheid
dien met julle hele hart;[m] want
kyk watter groot dinge het hy
vir julle gedoen.[n] **25** Maar as
julle skaamteloos doen wat sleg
is, sal julle weggevee word,[o] jul-
le sowel as julle koning."[p]

**13** Saul was [?] jaar oud toe
hy begin regeer het,[q] en
hy het twee jaar oor Israel re-
geer. **2** En Saul het vir hom
drieduisend man uit Israel ge-
kies; en tweeduisend was by
Saul in Migmas[r] en in die berg-
streek van Bet-El, en duisend
was by Jo′natan[s] in Gi′bea[t] van
Benjamin, en die res van die
manskappe het hy weggestuur,
elkeen na sy tent. **3** Toe het
Jo′natan die garnisoen[u] van
die Filistyne[v] verslaan wat in
Geba[w] was; en die Filistyne het
daarvan te hore gekom. Wat
Saul betref, hy het deur die
hele land op die horing laat
blaas[x] om te sê: "Laat die He-
breërs hoor!" **4** En die hele Is-
rael het gehoor dat gesê word:
"Saul het 'n garnisoen van die
Filistyne verslaan, en nou het
Israel 'n stank geword[y] vir die
Filistyne." Toe is die manskap-
pe bymekaargeroep om Saul na
Gilgal[a] te volg.
**5** En wat die Filistyne be-
tref, hulle het bymekaargekom
om teen Israel te veg: dertig-
duisend strydwaens[b] en sesdui-
send ruiters en mense so tal-
ryk soos die sandkorrels wat
aan die seestrand is;[c] en hul-
le het opgetrek en in Migmas,
oos van Bet-Awen,[d] begin kamp
opslaan. **6** En die manne van
Israel het gesien dat hulle in
groot nood verkeer,[e] want die
volk was onder groot druk; en
die volk het in die grotte[f] en
die gate en die kranse en die
kelders en die waterputte gaan
wegkruip. **7** Daar was selfs
Hebreërs wat deur die Jordaan
getrek het[g] na die land van
Gad[h] en Gi′lead. Maar Saul was
nog in Gilgal, en al die man-
skappe het gebewe terwyl hul-
le hom gevolg het.[i] **8** En hy
het sewe dae lank gewag tot die
vasgestelde tyd wat Samuel ge-
sê het;[j] en Samuel het nie na
Gilgal gekom nie, en die man-
skappe het van hom af ver-
strooid geraak. **9** Uiteindelik
het Saul gesê: "BRING die brand-
offer en die gemeenskapsoffers
hier na my toe." Daarop het hy
die brandoffer geoffer.[k]
**10** En net toe hy die brandof-
fer klaar geoffer het, kyk, toe
het Samuel gekom. En Saul
het uitgegaan om hom te ont-
moet en hom te seën.[l] **11** Toe
het Samuel gesê: "Wat het jy
gedoen?"[m] Hierop het Saul ge-
sê: "Ek het gesien dat die man-
skappe van my af verstrooid ge-
raak het,[n] en u—u het nie binne

f De 20:3; 1Sa 14:11; g Le 26:36; h Nu 32:1; Jos 13:24; i 1Sa 10:26; Spr 24:10; j 1Sa 10:8; k 1Sa 15:11; 1Sa 15:22; 1Sa 15:23; Ps 37:7; Spr 11:2; Spr 13:10; Spr 21:24; l Ge 47:7; Rut 2:4; 1Sa 15:13; 1Sa 25:14; m Jos 7:19; Ro 14:12; n De 20:1; 1Sa 13:6.

HFST. 12
a Eks 20:20
b De 11:16; De 31:29; Jos 23:6; 1Sa 12:15
c De 6:5; Mt 22:37
d De 32:21; Jer 2:5; Jer 2:11; 1Ko 8:4
e Ps 115:5; Jer 10:15; Jer 16:19; Hab 2:18
f Jos 7:9; Ps 23:3; Ps 106:8; Jer 14:21; Ese 20:14
g 1Kn 6:13; Ps 94:14; Ro 11:1
h Eks 19:5; De 7:7; De 14:2; De 32:9; Jes 43:21
i Ro 1:9; Kol 1:9; 2Ti 1:3
j 1Kn 8:36; 2Kr 6:27
k Ps 34:11; Spr 4:11
l 1Sa 12:14; Ps 111:10; Pr 12:13
m De 10:12
n De 10:21
o Jos 24:20
p De 28:36

HFST. 13
q Han 13:21
r 1Sa 14:5; Jes 10:28
s 1Sa 18:1; 2Sa 1:4; 2Sa 21:7
t Jos 18:28; 1Sa 10:26; 1Sa 15:34
u 1Sa 10:5; 2Sa 23:14
v Jos 13:2; 1Sa 9:16
w Jos 18:24; Jos 21:17; Sag 14:10
x Rig 3:27; Rig 6:34; 2Sa 2:28; 2Sa 20:1
y Ge 34:30; Eks 5:21

Tweede kol.
a Jos 5:9; 1Sa 7:16; 1Sa 11:14
b De 20:1
c Ge 22:17; Jos 11:4; Rig 7:12
d Jos 7:2; Jos 18:12; 1Sa 14:23
e De 4:30

die vasgestelde dae gekom nie,[a] en die Filistyne is in Migmas bymekaargebring,[b] **12** daarom het ek by myself gesê:[c] ‘Nou sal die Filistyne teen my aftrek in Gilgal, en ek het nie die aangesig van Jehovah versag nie.’ Toe het ek my gedwing[d] en die brandoffer geoffer.”

**13** Hierop het Samuel vir Saul gesê: “Jy het dwaas opgetree.[e] Jy het nie die gebod[f] van Jehovah jou God onderhou wat hy jou beveel het nie,[g] want as jy het, sou Jehovah jou koninkryk tot onbepaalde tyd oor Israel bevestig het. **14** En nou sal jou koninkryk nie standhou nie.[h] Jehovah sal beslis vir hom ’n man na sy hart vind;[i] en Jehovah sal hom as ’n leier[j] oor sy volk aanstel, omdat jy nie onderhou het wat Jehovah jou beveel het nie.”[k]

**15** Toe het Samuel opgestaan en van Gilgal af na Gi′bea van Benjamin opgegaan, en Saul het die manskappe getel, dié wat nog by hom was, ongeveer seshonderd man.[l] **16** En Saul en sy seun Jo′natan en die manskappe wat nog by hulle was, het in Geba[m] van Benjamin gebly. Wat die Filistyne betref, hulle het in Migmas[n] kamp opgeslaan. **17** En die stroopbende het in drie afdelings[o] uit die kamp van die Filistyne uitgetrek. Die een afdeling het gedraai na die pad na Ofra,[p] na die land Sual, **18** en die ander afdeling het gedraai na die pad van Bet-Horon,[q] en die derde afdeling het gedraai na die pad na die grens wat op die Sebo′ïmvallei uitkyk, in die rigting van die wildernis.

**19** En daar was nie ’n smid te vinde in die hele land van Israel nie, want die Filistyne het gesê: “Sodat die Hebreërs nie ’n swaard of ’n spies kan maak nie.”[a] **20** En al die Israeliete het na die Filistyne toe afgegaan om elkeen sy ploegskaar of sy bylpik of sy byl of sy sekel te laat skerp maak.[b] **21** En die prys om die ploegskare en die bylpikke en die drietandwerktuie en die byle skerp te maak en om die osprikkel[c] vas te sit, was ’n pim. **22** En op die dag van oorlog was daar nie ’n swaard[d] of ’n spies te vinde in die hand van enigeen van die manskappe wat by Saul en Jo′natan was nie; maar daar kon een gevind word wat aan Saul[e] en aan sy seun Jo′natan behoort het.

**23** En ’n voorpos[f] van die Filistyne het na die kloofpas van Migmas[g] uitgetrek.

**14** En op ’n dag het Jo′natan,[h] die seun van Saul, vir die dienaar wat sy wapens dra, gesê: “Kom tog en laat ons oorgaan na die voorpos van die Filistyne wat daar oorkant is.” Maar hy het dit nie vir sy vader gesê nie.[i] **2** En Saul het aan die rand van Gi′bea[j] gebly onder die granaatboom wat in Migron is; en die manskappe wat by hom was, was ongeveer seshonderd man.[k] **3** (En Ahi′a, die seun van Ahi′tub,[l] die broer van I′kabod,[m] die seun van Pi′nehas,[n] die seun van Eli,[o] die priester van Jehovah in Silo,[p] het die efod gedra.)[q] En die manskappe het nie geweet dat Jo′natan weggegaan het nie. **4** En tussen die deurgange wat Jo′natan gesoek het om oor te gaan teen die voorpos[r] van die Filistyne, was daar ’n tandvormige rots aan hierdie kant en ’n tandvormige rots aan die ander kant, en die naam van die een was Boses en die naam van die ander was Sene. **5** Die een

HFST. 13

a 1Sa 13:8
b 1Sa 13:5
c Spr 3:5; Spr 14:12; Spr 19:21
d Spr 11:2; Spr 21:24; Mi 6:8
e Spr 13:21; Pr 7:17; Jer 5:4
f Ps 119:4; Pr 12:13; 1Jo 5:3
g 1Sa 10:8; 1Sa 15:11
h De 17:20; 1Sa 15:28
i 1Sa 16:1; 2Sa 7:15; Ps 78:70; Ps 89:20; Han 13:22
j Ge 49:10; 2Sa 5:2; 2Sa 7:8; 1Kr 28:4
k 1Sa 10:8; Jer 7:23; Jer 11:7
l 1Sa 13:7; 1Sa 14:2
m Jos 18:24; 1Sa 13:3
n 1Sa 13:2; Jes 10:28
o 1Sa 11:11
p Jos 18:23
q Jos 10:11; Jos 18:13; 1Kr 6:68; 2Kr 8:5

Tweede kol.

a 2Kn 24:14
b Ge 4:22; Spr 27:17
c Rig 3:31
d Rig 7:20; 1Sa 17:47; 1Sa 17:50; Ps 44:3; Sag 4:6
e 1Sa 9:16
f 1Sa 14:4
g 1Sa 13:2; 1Sa 14:5; Jes 10:28

HFST. 14

h 1Sa 13:22; 1Sa 14:49; 1Sa 18:1; 2Sa 1:4; 2Sa 21:7
i Rig 14:6
j 1Sa 10:26
k 1Sa 13:15
l 1Sa 22:9
m 1Sa 4:21
n 1Sa 2:12; 1Sa 4:17
o 1Sa 1:9
p Jos 18:1; 1Sa 1:3
q Eks 29:5; Nu 27:21
r 1Sa 13:23

tand was ’n pilaar in die noorde
teenoor Migmas,[a] en die ander
was in die suide teenoor Geba.[b]
**6** Toe het Jo′natan vir die
dienaar, sy wapendraer, gesê:
“Kom tog en laat ons oorgaan
na die voorpos van hierdie on-
besnede[c] manne. Miskien sal Je-
hovah vir ons optree, want daar
is geen hindernis vir Jehovah
om deur baie of deur min te red
nie.”[d] **7** Hierop het sy wapen-
draer vir hom gesê: “Doen alles
wat in u hart is. Wend u waar-
heen u wil. Kyk, ek is by u in
ooreenstemming met u hart.”[e]
**8** Toe het Jo′natan gesê: “Kyk,
ons gaan oor na die manne toe,
en laat ons ons aan hulle ver-
toon. **9** As hulle vir ons só sê:
‘Staan stil totdat ons by julle
kom!’ dan moet ons staan waar
ons is, en ons moenie na hul-
le toe opgaan nie. **10** Maar as
hulle só sê: ‘Kom teen ons op!’
dan moet ons opgaan, want Je-
hovah sal hulle beslis in ons
hand gee, en dít is vir ons die te-
ken.”[f]
**11** Daarop het hulle twee
hulle aan die voorpos van die
Filistyne vertoon. En die Fili-
styne het gesê: “Hier kom die
Hebreërs uit die gate waar hul-
le weggekruip het.”[g] **12** Toe
het die manne van die voor-
pos Jo′natan en sy wapendra-
er geantwoord en gesê: “Kom
na ons toe op, en ons sal jul-
le iets wys!”[h] Dadelik het Jo′-
natan vir sy wapendraer gesê:
“Kom op agter my aan, want Je-
hovah sal hulle beslis in die
hand van Israel gee.”[i] **13** En
Jo′natan het op sy hande[j] en
voete bly opgaan, en sy wapen-
draer agter hom aan; en hulle
het voor Jo′natan begin val,[k] en
sy wapendraer het hulle agter
hom doodgemaak.[l] **14** En die
eerste slagting wat Jo′natan en
sy wapendraer onder hulle aan-
gerig het, was ongeveer twintig
man binne ongeveer die helfte
van die ploegvoor in ’n akker
land.
**15** Toe het daar ’n bewing[a] in
die kamp in die veld en onder
al die manskappe van die voor-
pos ontstaan; en die stroopben-
de[b] het gebewe, ja hulle, en die
aarde het begin skud,[c] en dit
het ’n bewing geword wat van
God kom.[d] **16** En die wagte
van Saul in Gi′bea[e] van Benja-
min het dit gesien, en kyk! die
verwarring het in alle rigtings
versprei.[f]
**17** En Saul het vir die man-
skappe wat by hom was, gesê:
“Tel asseblief, en kyk wie van
ons af weggegaan het.” Toe hul-
le tel, kyk! toe was Jo′natan
en sy wapendraer nie daar nie.
**18** Saul het toe vir Ahi′a[g] ge-
sê: “Bring tog die ark van die
ware God hier!”[h] (Want die
ark van die ware God was op
dié dag by die kinders van Is-
rael.)[i] **19** En terwyl Saul met
die priester gepraat het,[j] het
die verwarring wat in die kamp
van die Filistyne was, voortge-
duur en al hoe groter geword.
Toe het Saul vir die priester
gesê: “Trek jou hand terug.”
**20** So is Saul en al die manskap-
pe wat by hom was, opgeroep.[k]
En hulle het tot by die geveg ge-
kom, en kyk, elkeen se swaard
was teen sy medemens;[l] hulle
is in baie groot verwarring op
die vlug gejaag. **21** En die He-
breërs wat soos voorheen tot
die Filistyne behoort het[m] en
wat saam met hulle in die kamp
rondom opgetrek het, ja, ook
hulle het gewys dat hulle met
Israel was wat by Saul en Jo′na-
tan was. **22** Ook al die manne
van Israel wat in die bergstreek
van E′fraim weggekruip het,[n]

**HFST. 14**
a 1Sa 13:2
b 1Sa 13:3
c Ge 17:10, Rig 14:3, Rig 15:18, 1Sa 17:36, 2Sa 1:20, 1Kr 10:4, Jer 9:26
d Rig 7:2, 2Kn 6:16, 2Kr 14:11, Ps 115:11, Heb 11:33
e 2Kn 10:15, Spr 17:17
f Ge 24:14, Rig 7:11, 1Sa 10:7
g 1Sa 13:6, 1Sa 14:22
h 1Sa 14:10, 1Sa 17:44, 2Kn 14:8
i 1Sa 14:6, 2Sa 5:24, 2Kn 6:16, Spr 3:5, Spr 16:3
j Ps 18:29, Heb 11:34
k 2Sa 1:23
l Le 26:7, Jos 23:10, Ps 44:3, Ro 8:31

**Tweede kol.**
a Rig 7:21, 2Kn 7:6
b 1Sa 13:17
c Eks 19:18, Na 1:5, Mt 27:51, Han 16:26
d Ge 35:5, Ps 48:5, Da 5:6
e 1Sa 10:26, 1Sa 14:2
f Rig 7:22, 1Sa 14:20, 2Kr 20:23
g 1Sa 14:3
h Eks 25:22
i 1Sa 4:3, 1Sa 5:2, 1Sa 7:1
j Nu 27:21
k Nu 10:9
l Rig 7:22, 2Kr 20:23, Jes 19:2, Ese 38:21
m Rig 15:11
n 1Sa 13:6, 1Sa 14:11

het gehoor dat die Filistyne ge-
vlug het, en ook dié het hulle
kort op hulle hakke in die geveg
agtervolg. **23** En Jehovah het
Israel op dié dag gered,[a] en die
geveg het na Bet-Awen[b] oorge-
gaan.

**24** En die manne van Israel
was op dié dag onder groot
druk, en tog het Saul die man-
skappe ’n eed opgelê[c] en gesê:
“Vervloek is die man wat brood
eet voor die aand en voordat ek
op my vyande wraak geneem
het!”[d] En nie een van die man-
skappe het brood geproe nie.[e]

**25** En almal van die land het
in die bos gekom, toe daar heu-
ning[f] op die oppervlak van
die veld was. **26** Toe die man-
skappe in die bos kom, kyk!
toe het daar heuning gedrup,[g]
maar niemand het sy hand na
sy mond gebring nie, want die
manskappe was bang vir die
eed.[h] **27** Wat Jo′natan betref,
hy het nie gehoor toe sy va-
der die manskappe onder ’n
eed gestel het nie,[i] daarom
het hy die punt van die staf
wat in sy hand was, uitgesteek
en dit in die heuningkoek ge-
doop en sy hand weer na sy
mond gebring, en sy oë het be-
gin straal.[j] **28** Hierop het een
van die manskappe geantwoord
en gesê: “Jou vader het die man-
skappe plegtig onder eed gestel
en gesê: ‘Vervloek is die man
wat vandag brood eet!’ ”[k] (En
die manskappe het begin moeg
word.)[l] **29** Jo′natan het egter
gesê: “My vader het die land in
die ongeluk gestort.[m] KYK asse-
blief hoe my oë gestraal het om-
dat ek hierdie klein bietjie heu-
ning geproe het.[n] **30** Hoeveel
te meer as die manskappe van-
dag maar net geëet het[o] van die
buit van hulle vyande wat hulle
gevind het![p] Want nou was die
slagting onder die Filistyne nie
groot nie.”[a]

**31** En op dié dag het hul-
le die Filistyne van Migmas[b] af
tot by A′jalon[c] bly verslaan, en
die manskappe het baie moeg
geword.[d] **32** En die manskap-
pe het begin om gulsig op die
buit af te pyl[e] en skape en bees-
te en kalwers te neem en dit op
die grond te slag, en die man-
skappe het dit met die bloed en
al begin eet.[f] **33** Toe het hul-
le Saul vertel en gesê: “Kyk! Die
manskappe sondig teen Jeho-
vah deur met die bloed en al te
eet.”[g] Hierop het hy gesê: “Jul-
le het verraderlik gehandel. Rol
nou eers ’n groot klip na my
toe.” **34** Daarna het Saul ge-
sê: “Versprei julle onder die
manskappe, en julle moet vir
hulle sê: ‘Bring elkeen van jul-
le sy bul en elkeen sy skaap
hier na my toe, en julle moet
op hierdie plek slag en eet, en
julle mag nie teen Jehovah son-
dig deur met die bloed en al te
eet nie.’ ”[h] Toe het al die man-
skappe dié nag elkeen sy bul
wat in sy hand was, daarheen
gebring en daar geslag. **35** En
Saul het ’n altaar[i] vir Jehovah
gebou. Daarmee het hy ’n begin
gemaak met die bou van altare
vir Jehovah.[j]

**36** Later het Saul gesê: “Laat
ons in die nag aftrek agter die
Filistyne aan en hulle plunder
totdat die oggend lig word,[k] en
ons moet nie één onder hul-
le laat oorbly nie.”[l] Hierop het
hulle gesê: “Doen alles wat goed
is in u oë.” Toe het die pries-
ter gesê: “Laat ons hier tot
die ware God nader.”[m] **37** En
Saul het God begin raadpleeg:
“Sal ek aftrek agter die Filisty-
ne aan?[n] Sal u hulle in die hand
van Israel gee?”[o] En hy het hom
dié dag nie geantwoord nie.[p]

**HFST. 14**

a De 33:29; Rig 2:18; 2Kn 19:34; Ps 17:7; Ps 44:7; Jes 63:8; Ho 1:7; 1Ti 4:10
b 1Sa 13:5
c Le 5:4; Nu 30:2; Rig 21:1; Spr 20:25; Pr 5:6
d Jos 10:13; Rig 11:36; Rig 16:28
e De 23:21; Rig 8:5; 2Sa 17:29; Ps 15:4
f De 8:8; De 27:3; Jos 5:6
g Eks 3:8; Le 20:24; Nu 13:27; Mt 3:4
h Ps 15:4
i 1Sa 14:17
j 1Sa 30:12
k 1Sa 14:24
l Rig 8:4; 2Sa 17:29
m 1Kn 18:18
n 1Sa 14:27
o 1Sa 14:26; Han 9:19
p De 20:14

**Tweede kol.**

a Pr 9:18
b 1Sa 13:2
c Jos 10:12; Jos 19:42
d Rig 8:5; Jes 44:12
e De 20:14; 1Sa 15:19
f Ge 9:4; Le 3:17; Le 17:10; De 12:16; Ese 33:25; Han 15:29
g De 12:23; De 15:23
h 1Sa 14:32
i 1Sa 7:17; 2Sa 24:18; 2Sa 24:25
j Ge 4:26
k Jos 10:9; 1Sa 11:11; Jer 6:5
l De 7:2; De 7:16
m Nu 27:21; 1Sa 30:7; Ps 65:4; Ps 73:28; Mal 2:7
n Rig 1:1; 1Sa 30:8; 2Sa 5:19; Spr 3:5
o Nu 27:21
p 1Sa 28:6; Ps 66:18; Jes 1:15; Ese 20:3

38 Toe het Saul gesê: “Kom na-
der hierheen,[a] al julle vernaam-
stes van die volk,[b] en stel vas en
kyk in watter opsig hierdie son-
de vandag tot stand gekom het.
39 Want so waar as Jehovah le-
we, wat die Verlosser van Israel
is, selfs as dit in my seun Jo′-
natan is, sal hy nogtans seker-
lik sterf.”[c] Maar niemand uit al
die manskappe het hom geant-
woord nie. 40 En hy het vir
die hele Israel gesê: “Julle sal
aan die een kant wees, en ek en
my seun Jo′natan—ons sal aan
die ander kant wees.” Hierop
het die manskappe vir Saul ge-
sê: “Doen wat goed is in u oë.”[d]

41 En Saul het vir Jehovah
gesê: “O God van Israel, gee
tog Tummim!”[e] Toe is Jo′na-
tan en Saul aangewys, en
die manskappe het uitgegaan.[f]
42 Saul het toe gesê: “WERP die
lot[g] tussen my en my seun Jo′-
natan.” En Jo′natan is aange-
wys. 43 Toe het Saul vir Jo′-
natan gesê: “Vertel my tog: Wat
het jy gedoen?”[h] Daarop het Jo′-
natan hom vertel en gesê: “Ek
het inderdaad ’n bietjie heu-
ning geproe aan die punt van
die staf wat in my hand is.[i] Hier
is ek! Laat ek sterf!”

44 Hierop het Saul gesê:
“Mag God so doen en mag hy
so daaraan toevoeg[j] as jy nie
sekerlik sterf nie,[k] Jo′natan.”
45 Maar die manskappe het vir
Saul gesê: “Moet Jo′natan sterf,
wat hierdie groot redding[l] in Is-
rael bewerk het? Dit is ondenk-
baar![m] So waar as Jehovah le-
we,[n] nie eens ’n enkele haar[o]
van sy kop sal op die aarde val
nie; want hy het vandag saam
met God gewerk.”[p] Daarop het
die manskappe Jo′natan losge-
koop,[q] en hy het nie gesterf nie.

46 Toe het Saul opgehou om
die Filistyne te agtervolg, en
die Filistyne het na hulle plek
gegaan.[a]

47 En Saul het die koning-
skap oor Israel[b] geneem en
rondom teen al sy vyande oor-
log gevoer, teen Moab[c] en teen
die kinders van Ammon[d] en
teen Edom[e] en teen die ko-
nings van Soba[f] en teen die Fi-
listyne;[g] en oral waarheen hy
hom gewend het, het hy veroor-
deling uitgeoefen.[h] 48 En hy
het dapper opgetree[i] en A′ma-
lek verslaan[j] en Israel uit die
hand van hulle plunderaar ver-
los.

49 En die seuns van Saul was
Jo′natan[k] en Jiswi en Malki-
sua,[l] en wat die name van sy
twee dogters betref, die naam
van die een wat eerste gebo-
re is, was Merab[m] en die naam
van die jongste Migal.[n] 50 En
die naam van Saul se vrou was
Ahi′noam, die dogter van Ahi′-
maäs, en die naam van sy leër-
hoof was Abner,[o] die seun van
Ner, die oom van Saul. 51 En
Kis[p] was die vader van Saul, en
Ner,[q] die vader van Abner, was
die seun van Abi′ël.

52 En al die dae van Saul
het die oorlog teen die Filisty-
ne hewig gebly.[r] Wanneer Saul
’n sterk man of ’n dapper per-
soon gesien het, het hy hom by
hom versamel.[s]

15 Toe het Samuel vir Saul
gesê: “Jehovah het mý
gestuur om jou as koning oor
sy volk Israel te salf,[t] en luis-
ter nou na die stem van die
woorde van Jehovah.[u] 2 Só
het Jehovah van die leërs[v] ge-
sê: ‘Ek sal rekenskap eis[w] vir
wat A′malek aan Israel gedoen
het toe hy hom in die weg ge-
staan het terwyl hy uit Egipte

**HFST. 15** t 1Sa 9:16; 1Sa 10:1; u De 17:20; 1Sa 12:14; Pr 12:13; v 2Sa 7:26; w Ge 12:3; Sag 2:8.

**HFST. 14**
a Jos 7:14; 1Sa 10:19
b Rig 20:2
c Pr 5:2
d 2Sa 15:15; Pr 8:4
e Eks 28:30; Le 8:8; De 33:8; Esr 2:63
f Jos 7:16; 1Sa 10:21
g Spr 16:33; Jon 1:7
h Jos 7:19
i 1Sa 14:27
j Rut 1:17; 1Sa 3:17; 1Sa 25:22; 2Sa 3:9; 2Sa 19:13
k Ge 38:24; 1Sa 14:24; 2Sa 12:5; Jak 2:13
l 1Sa 11:13; 1Sa 14:14; 1Sa 19:5; Ne 9:27
m Ge 44:7; Jos 22:29
n 1Sa 19:6; 1Sa 28:10
o 1Kn 1:52; Lu 21:18; Han 27:34
p 1Sa 14:6
q Job 6:23

**Tweede kol.**
a Nu 33:55; Rig 2:3
b 1Sa 13:1
c 1Sa 12:9
d De 2:19; 1Sa 11:11
e Ge 36:8; Ge 36:43; Mal 1:4
f 2Sa 10:6; 1Kn 11:23
g 1Sa 9:16
h Jos 13:1; Jos 23:10
i 2Sa 1:23
j Eks 17:14; De 25:19; 1Sa 15:3
k 1Sa 13:2; 1Sa 14:1; 1Kr 9:39
l 1Sa 31:2; 1Kr 8:33
m 1Sa 18:17
n 1Sa 18:27; 1Sa 25:44; 2Sa 3:13; 2Sa 6:20
o 1Sa 17:55; 2Sa 2:8; 2Sa 3:27
p 1Sa 9:1; 1Kr 9:39; Han 13:21
q 1Kn 2:5
r Ge 49:27; 1Sa 9:16
s 1Sa 8:11; 1Sa 10:26

opgetrek het.[a] **3** Gaan nou, en jy moet A′malek verslaan[b] en hom met alles wat hy het, aan vernietiging oorgee,[c] en jy mag nie medelye met hom hê nie, en jy moet hulle doodmaak,[d] man sowel as vrou, kind sowel as suigeling,[e] bul sowel as skaap, kameel sowel as esel.’ ”[f] **4** Toe het Saul die manskappe opgeroep en hulle in Tela′im[g] getel: tweehonderdduisend voetsoldate en tienduisend man van Juda.[h]

**5** En Saul het tot by die stad van A′malek gekom en by die stroomvallei in ’n hinderlaag gelê. **6** Intussen het Saul vir die Keniete[i] gesê: “GAAN,[j] VERTREK, GAAN WEG onder die Amalekiete uit, sodat ek jou nie saam met hulle wegvee nie. Jy het liefderyke goedhartigheid teenoor al die kinders van Israel bewys[k] toe hulle uit Egipte opgetrek het.”[l] Toe het die Keniete vertrek onder A′malek uit. **7** Daarna het Saul A′malek verslaan[m] van Ha′wila[n] af tot by Sur,[o] wat teenoor Egipte lê. **8** En hy het Agag,[p] die koning van A′malek, lewend gevang, en al die ander mense het hy met die skerpte van die swaard aan vernietiging oorgegee.[q] **9** Maar Saul en die manskappe het medelye gehad met Agag en met die beste van die kleinvee en die beeste[r] en die vettes en met die ramme en met alles wat goed was, en hulle wou dié nie aan vernietiging oorgee nie.[s] Wat al die goed betref wat veragtelik en verworpe was, dit het hulle aan vernietiging oorgegee.

**10** Die woord van Jehovah het toe tot Samuel gekom en gesê: **11** “Ek is werklik spyt[t] dat ek Saul as koning laat regeer het, want hy het hom daarvan afgekeer[a] om my te volg en my woorde nie uitgevoer nie.”[b] En dit het Samuel ontstel,[c] en hy het die hele nag deur tot Jehovah geroep.[d] **12** Toe het Samuel vroeg opgestaan om Saul in die oggend te ontmoet. Maar daar is aan Samuel berig gebring en gesê: “Saul het na Karmel[e] gekom, en kyk! hy het vir hom ’n monument opgerig,[f] en hy het toe omgedraai en oorgegaan en na Gilgal afgegaan.” **13** Eindelik het Samuel by Saul gekom, en Saul het vir hom begin sê: “Mag u geseënd wees[g] deur Jehovah. Ek het die woord van Jehovah uitgevoer.”[h] **14** Maar Samuel het gesê: “Wat beteken hierdie geluid van kleinvee in my ore dan, en die geluid van beeste wat ek hoor?”[i] **15** Hierop het Saul gesê: “Hulle het dit van die Amalekiete af gebring, want die manskappe[j] het medelye gehad met die beste van die kleinvee en van die beeste, om aan Jehovah u God offerandes te bring;[k] maar wat oorgebly het, het ons aan vernietiging oorgegee.” **16** Hierop het Samuel vir Saul gesê: “Hou op! En ek sal jou vertel wat Jehovah verlede nag vir my gesê het.”[l] Toe het hy vir hom gesê: “Spreek!”

**17** En Samuel het gesê: “Was dit nie toe jy klein was in jou eie oë[m] dat jy hoof van die stamme van Israel was en dat Jehovah jou as koning oor Israel gesalf het[n] nie? **18** Later het Jehovah jou met ’n opdrag gestuur en gesê: ‘Gaan, en jy moet die sondaars,[o] die Amalekiete, aan vernietiging oorgee, en jy moet teen hulle veg totdat jy hulle uitgeroei het.’[p] **19** Waarom

HFST. 15

a Eks 17:8; Nu 24:20; De 25:17; De 25:18
b Eks 17:14; De 25:19; 1Kr 4:43
c Le 27:28; Le 27:29; 1Sa 15:18
d De 9:3
e Eks 20:5; Jes 14:21
f De 13:17; Jos 6:18
g Jos 15:24
h 1Sa 11:8; 1Sa 13:15
i Nu 10:29; Nu 10:32; Nu 24:21; Rig 1:16; Rig 4:11
j Ge 18:25; Ge 19:12; Nu 16:26; 1Kn 20:31; Spr 20:28
k Ge 12:3; Eks 18:9; Eks 18:12; Nu 10:29; Heb 6:10
l De 5:15; De 16:3
m De 25:19; 1Sa 14:48
n Ge 25:18
o Ge 16:7; 1Sa 27:8
p 1Sa 15:33
q Le 27:29; 1Sa 15:3
r Le 27:28; Jos 7:12; 1Sa 13:9; Spr 11:2; Spr 14:12; Spr 21:24
s Jer 48:10
t Ge 6:6; 1Sa 15:26; 1Sa 15:35; Jer 18:8

Tweede kol.

a Ps 36:2; Ps 125:5; Pr 4:13; Mal 3:7
b 1Sa 13:13; 1Sa 15:3
c 1Sa 16:1; Ps 119:136
d Ps 55:2
e Jos 15:55; 1Sa 25:2
f 2Sa 18:18; Ps 49:11; Spr 8:13; Spr 15:25
g 1Sa 13:10
h Spr 12:15; Spr 18:17; Spr 26:12
i 1Sa 15:3; Ps 36:2
j Ge 3:12; Eks 32:22; 1Sa 15:21
k 1Kr 28:9; Spr 28:13
l 1Sa 15:10; m 1Sa 9:21; 1Sa 10:22; n 1Sa 9:16; 1Sa 10:1; o 1Sa 15:3; Job 31:3; Spr 10:29; Spr 13:21; p De 25:19.

het jy dan nie die stem van
Jehovah gehoorsaam nie, maar
gulsig op die buit afgepyl[a] en
gedoen wat sleg was in die oë
van Jehovah?”[b]

**20** Saul het egter vir Samuel
gesê: “Maar ek hét die stem van
Jehovah gehoorsaam[c] deurdat
ek gegaan het met die opdrag
waarmee Jehovah my gestuur
het, en ek het Agag,[d] die koning
van A′malek, gebring, maar
A′malek het ek aan vernie-
tiging oorgegee.[e] **21** En die
manskappe[f] het uit die buit ska-
pe en beeste geneem, die beste
daarvan as iets wat aan vernie-
tiging oorgegee is, om in Gilgal[g]
aan Jehovah u God offerandes
te bring.”[h]

**22** Hierop het Samuel ge-
sê: “Skep Jehovah soveel be-
hae in brandoffers[i] en offeran-
des as in gehoorsaamheid aan
die stem van Jehovah? Kyk!
Om gehoorsaam te wees,[j] is be-
ter as ’n offerande,[k] om aan-
dag te skenk beter as die vet[l]
van ramme; **23** want opstan-
digheid[m] is dieselfde as die son-
de van waarsêery,[n] en om ver-
metel vooruit te dring dieselfde
as die gebruik van towerkrag
en tera′fim.[o] Aangesien jy die
woord van Jehovah verwerp
het,[p] verwerp hy jou ook as ko-
ning.”[q]

**24** Toe het Saul vir Samuel
gesê: “Ek het gesondig;[r] want
ek het die bevel van Jehovah
en u woorde oortree, omdat ek
die manskappe gevrees het[s] en
daarom hulle stem gehoorsaam
het. **25** En vergewe[t] nou as-
seblief my sonde en keer saam
met my terug sodat ek my
voor Jehovah kan neerwerp.”[u]
**26** Maar Samuel het vir Saul
gesê: “Ek sal nie saam met jou
terugkeer nie, want jy het die
woord van Jehovah verwerp,
en Jehovah verwerp jou sodat
jy nie meer koning oor Israel
sal wees nie.”[a] **27** Toe Samuel
omdraai om weg te gaan, het
hy onmiddellik die slip van sy
moulose oorkleed gegryp, maar
dit het afgeskeur.[b] **28** Hierop
het Samuel vir hom gesê: “Je-
hovah het vandag die konink-
like heerskappy oor Israel van
jou afgeskeur,[c] en hy sal dit be-
slis aan jou medemens gee wat
beter is as jy.[d] **29** En buiten-
dien sal die Voortreflikheid van
Israel[e] nie ontrou wees nie,[f] en
Hy sal nie spyt voel nie, want
Hy is nie ’n mens, dat Hy sou
spyt voel nie.”[g]

**30** Hierop het hy gesê: “Ek
het gesondig. Eer my[h] asse-
blief nou voor die ouer man-
ne van my volk en voor Israel
en keer saam met my terug, en
ek sal my beslis voor Jehovah
u God neerwerp.”[i] **31** Toe het
Samuel teruggekeer agter Saul
aan, en Saul het hom voor Jeho-
vah neergewerp. **32** Daarna
het Samuel gesê: “BRING Agag,
die koning van A′malek, hier na
my toe.” Toe het Agag huiwe-
rig na hom toe gegaan, en Agag
het by homself begin sê: “Waar-
lik, die bitter ervaring van die
dood het gewyk.” **33** Samuel
het egter gesê: “Net soos jou
swaard[j] vroue van kinders be-
roof het, so sal jou moeder[k] die
meeste van kinders beroof wees
onder die vroue.”[l] Daarop het
Samuel Agag in stukke gekap
voor Jehovah in Gilgal.[m]

**34** Samuel het toe na Rama
gegaan, en Saul het na sy eie
huis in Gi′bea[n] van Saul opge-
gaan. **35** En Samuel het Saul
tot die dag van sy dood nie weer
gesien nie, want Samuel het
oor Saul getreur.[o] Wat Jehovah

**HFST. 15**

a De 13:17; 1Sa 15:9; Spr 28:20; Ef 5:5
b 1Sa 15:24
c Spr 21:29; Spr 28:14
d Le 27:29; 1Kn 20:42; Jer 48:10
e De 7:16; 1Sa 15:3
f Eks 32:22; 1Sa 15:15
g 1Sa 13:4
h Pr 5:1
i Ps 50:8; Jes 1:11; Mi 6:6
j Jer 7:23; Jer 38:20
k Spr 21:3; Ho 6:6; Mr 12:33
l Le 3:16
m Nu 14:9; De 9:7; 1Sa 12:15
n Le 20:6; De 18:10; 1Sa 28:3; 1Kr 10:13; Jes 8:19
o Ge 31:19; Ge 31:30; 2Kn 23:24
p 1Sa 15:3
q 1Sa 13:14; 1Sa 16:1; 1Kr 28:9; Han 13:22
r 1Sa 2:25; 2Ko 7:10; Jak 4:17
s Spr 29:25; Jes 51:12
t 1Sa 2:25
u 1Sa 15:30

**Tweede kol.**

a De 17:20; 1Sa 12:25; 1Sa 13:14; 1Sa 16:1
b 1Kn 11:30
c 1Kn 11:31
d 1Sa 13:14; 1Sa 16:12; 1Sa 28:17; Han 13:22
e 1Kr 29:11; Job 37:22; Jes 43:3; Jes 44:6
f Ps 89:35; Tit 1:2; Heb 6:18
g Nu 23:19; Ps 110:4; Ese 24:14
h Spr 26:1
i 1Sa 15:25; Jes 29:13; Mt 15:8
j Mt 26:52
k Rig 5:28
l Ge 9:6; Le 24:17; De 19:21; Rig 1:7; Mt 7:2

**m** Eks 17:14; De 25:19; 1Sa 15:3; **n** 1Sa 11:4; **o** 1Sa 16:1.

betref, hy was spyt dat hy Saul
koning oor Israel gemaak het.[a]

**16** Uiteindelik het Jehovah
vir Samuel gesê: “Hoe
lank sal jy oor Saul treur,[b] ter-
wyl ek hom daarenteen ver-
werp het om as koning oor Is-
rael te heers?[c] Vul jou horing
met olie[d] en gaan. Ek sal jou
na Isai,[e] die Betlehemiet, stuur,
want ek het onder sy seuns
vir my ’n koning uitgesoek.”[f]
**2** Maar Samuel het gesê: “Hoe
kan ek gaan? As Saul daarvan
hoor, sal hy my beslis dood-
maak.”[g] En Jehovah het gesê:
“Jy moet ’n jong koei uit die
beeste saam met jou neem, en
jy moet sê: ‘Ek het gekom om
aan Jehovah ’n offerande te
bring.’[h] **3** En jy moet Isai na
die offerande nooi; en wat my
betref, ek sal aan jou bekend
maak wat jy moet doen,[i] en jy
moet vir my die een salf[j] wat ek
jou sal aanwys.”

**4** En Samuel het gedoen wat
Jehovah gesê het. Toe hy by
Betlehem[k] kom, het die ouer
manne van die stad hom be-
wend[l] tegemoetgegaan, en hul-
le het gesê: “Beteken u koms
vrede?”[m] **5** Hierop het hy ge-
sê: “Dit beteken vrede. Ek het
gekom om aan Jehovah ’n offe-
rande te bring. Heilig[n] julle, en
julle moet saam met my na die
offerande kom.” Toe het hy Isai
en sy seuns geheilig, waarna hy
hulle na die offerande genooi
het. **6** En toe hulle inkom en
hy Eli′ab[o] sien, het hy dadelik
gesê: “Waarlik, voor Jehovah
staan sy gesalfde.” **7** Maar Je-
hovah het vir Samuel gesê:
“Moenie na sy voorkoms en na
sy hoë gestalte kyk nie,[p] want
ek het hom verwerp. Want God
sien nie soos die mens sien nie,[q]
want die mens sien wat vir die
oë sigbaar is;[r] maar Jehovah
sien wat die hart[a] is.” **8** Toe
het Isai Abina′dab[b] geroep en
hom voor Samuel laat verby-
gaan, maar hy het gesê: “Ook
hierdie een het Jehovah nie uit-
gekies nie.” **9** Daarna het Isai
Samma[c] laat verbygaan, maar
hy het gesê: “Ook hierdie een
het Jehovah nie uitgekies nie.”
**10** So het Isai sewe van sy
seuns voor Samuel laat verby-
gaan; nogtans het Samuel vir
Isai gesê: “Jehovah het hulle nie
uitgekies nie.”

**11** Uiteindelik het Samuel
vir Isai gesê: “Is dit al die
seuns?” Hierop het hy gesê:
“Die jongste is tot nou toe uit-
gelaat,[d] en kyk! hy laat die ska-
pe wei.”[e] Daarop het Samuel
vir Isai gesê: “Stuur tog en
laat hom haal, want ons sal nie
vir ete aansit voordat hy hier
kom nie.” **12** Toe het hy ge-
stuur en hom laat kom. En hy
was rooierig,[f] ’n jong man met
pragtige oë en ’n aantreklike
voorkoms. Toe het Jehovah ge-
sê: “Staan op, salf hom, want
dit is hy!”[g] **13** Daarop het Sa-
muel die horing met olie[h] ge-
neem en hom in die midde van
sy broers gesalf. En van dié dag
af het die gees van Jehovah oor
Dawid werksaam geword.[i] La-
ter het Samuel opgestaan en na
Rama[j] gegaan.

**14** En die gees van Jehovah
het van Saul gewyk,[k] en ’n sleg-
te gees[l] van Jehovah af het hom
verskrik. **15** En die knegte
van Saul het vir hom begin sê:
“Kyk tog, God se slegte gees
verskrik u. **16** Laat ons heer
asseblief u knegte voor u be-
vel gee dat hulle ’n geoefen-
de[m] harpspeler[n] moet soek. En
wanneer God se slegte gees oor
u kom, moet hy met sy hand

**HFST. 15**
a 1Sa 15:11

**HFST. 16**
b 1Sa 15:35, Pr 3:4
c 1Sa 15:23, 1Sa 15:26
d Eks 30:25, 1Kn 1:39, Ps 133:2
e Rut 4:17, 1Kr 2:12, Jes 11:1
f Ge 49:10, 1Sa 13:14, Ps 78:70, Ps 89:20, Han 13:22
g 1Sa 22:17
h 1Sa 9:12, 1Sa 20:29, Mt 10:16
i Am 3:7
j Ps 89:20
k Rut 4:11, 1Sa 20:6
l 1Sa 21:1, Lu 8:37
m 1Kn 2:13, 2Kn 9:22
n Eks 19:10, Le 11:44, Le 20:7
o 1Sa 17:28, 1Kr 2:13
p 1Sa 10:23
q Job 10:4, Jes 55:8
r 2Ko 5:12, 2Ko 10:7

**Tweede kol.**
a 1Kn 8:39, 1Kr 28:9, 2Kr 16:9, Ps 7:9, Spr 24:12, Jer 17:10, Han 1:24
b 1Sa 17:13, 1Kr 2:13
c 2Sa 13:3
d 1Sa 17:14
e 2Sa 7:8, Ps 78:70
f 1Sa 17:42, Hgl 5:10, Klg 4:7
g 1Sa 13:14, 1Sa 16:1, Ps 89:20, Han 13:22
h 1Sa 16:1, 1Kn 1:39
i Nu 11:17, Rig 3:10, 1Sa 10:6, 2Sa 23:2
j 1Sa 1:1, 1Sa 1:19
k 1Sa 18:12, 1Sa 28:15
l 1Sa 18:10, 1Sa 19:9, Job 34:11, Job 34:12, Ro 2:6, Heb 3:12, Jak 1:13
m Spr 22:29
n Ge 4:21; Ps 33:2.

speel, en dit sal beslis met u goed gaan.” **17** Toe het Saul vir sy knegte gesê: “Voorsien my asseblief van ’n man wat goed kan speel, en julle moet hom na my toe bring.”[a]

**18** En een van die dienaars het geantwoord en gesê: “Kyk! Ek het gesien dat ’n seun van Isai, die Betlehemiet, ’n geoefende speler[b] is, en hy is ’n dapper, sterk man[c] en ’n krygsman[d] en ’n intelligente spreker[e] en ’n welgevormde man,[f] en Jehovah is met hom.”[g] **19** Toe het Saul boodskappers na Isai gestuur en gesê: “Stuur tog jou seun Dawid, wat by die kleinvee is,[h] na my toe.” **20** Daarop het Isai ’n esel, brood en ’n leersak[i] met wyn en ’n boklam geneem en dit deur die hand van sy seun Dawid na Saul toe gestuur.[j] **21** So het Dawid by Saul gekom en hom gedien;[k] en hy het hom baie liefgekry, en hy het sy wapendraer geword.[l] **22** Gevolglik het Saul na Isai gestuur en gesê: “Laat Dawid asseblief voortgaan om my te dien, want hy het guns in my oë gevind.” **23** En wanneer God se gees oor Saul gekom het, het Dawid die harp geneem en met sy hand gespeel; en daar was verligting vir Saul en dit het met hom goed gegaan, en die slegte gees het van hom gewyk.[m]

**17** En die Filistyne[n] het hulle kampe vir oorlog bymekaargebring. Toe hulle bymekaargebring is by Sogo,[o] wat aan Juda behoort, het hulle tussen Sogo en Ase′ka,[p] in Efes-Dammim,[q] kamp opgeslaan. **2** Wat Saul en die manne van Israel betref, hulle het bymekaargekom en in die Elalaagvlakte[r] kamp opgeslaan, en hulle het hulle in slagorde opgestel om die Filistyne te ontmoet. **3** En die Filistyne het aan hierdie kant teen die berg gestaan, en die Israeliete het aan die ander kant teen die berg gestaan, met die vallei tussen hulle.

**4** En ’n baasvegter het uit die kampe van die Filistyne begin kom, en sy naam was Go′liat,[a] uit Gat;[b] sy hoogte was ses el en ’n span.[c] **5** En daar was ’n koperhelm op sy kop, en hy het ’n geskubde pantser aangehad, en die gewig van die pantser[d] was vyfduisend sikkels koper. **6** En daar was koperskeenplate bo sy voete en ’n koperwerpspies[e] tussen sy skouers. **7** En die houtsteel van sy spies was soos ’n wewersbalk,[f] en die lem van sy spies was seshonderd sikkels yster; en die draer van die groot skild het voor hom uit gestap. **8** Toe het hy gaan staan en na die gevegslinies van Israel begin roep[g] en vir hulle gesê: “Waarom trek julle uit om julle in slagorde op te stel? Is ek nie die Filistyn en julle knegte[h] wat aan Saul behoort nie? Kies vir julle ’n man, en laat hom na my toe afkom. **9** As hy teen my kan veg en hy my doodmaak, dan sal ons julle knegte word. Maar as ek teen hom opgewasse is en ek hom doodmaak, dan moet julle ons knegte word, en julle moet ons dien.”[i] **10** En die Filistyn het verder gesê: “Ek tart[j] vandag die gevegslinies van Israel uit. Gee my ’n man, en laat ons teen mekaar veg!”[k]

**11** Toe Saul[l] en die hele Israel hierdie woorde van die Filistyn hoor, het hulle verskrik en baie bang geword.[m]

**12** Dawid was dan nou die seun van dié Efratiet[n] uit Betlehem van Juda met die naam

HFST. 16

a 1Sa 8:11
b 1Sa 16:23
c 1Sa 14:52; 1Sa 17:36
d 1Sa 17:32; 1Sa 17:46
e 1Sa 26:19; Spr 16:23
f 1Sa 16:12
g 1Sa 18:12
h 1Sa 17:15; Ps 78:70
i Mt 9:17
j 1Sa 10:27; 2Kr 17:5; Spr 17:8; Spr 18:16
k Spr 22:29
l Rig 9:54; 1Sa 14:13; 1Sa 31:4
m 1Sa 16:14; 1Sa 18:10; 2Kn 3:15

HFST. 17

n Jos 13:2; Rig 3:1; Rig 3:3; 1Sa 9:16; 1Sa 14:52; Am 9:7
o 2Kr 11:7; 2Kr 28:18
p Jos 15:35; Jer 34:7
q 1Kr 11:13
r 1Sa 21:9

Tweede kol.

a 1Sa 17:23
b Jos 11:22; 2Sa 21:22; 1Kr 20:8
c Ge 6:15; De 3:11; 2Sa 21:20
d 1Sa 17:38; 1Kn 22:34; 2Kr 26:14; Jer 51:3
e 1Sa 17:45
f 1Kr 11:23; 1Kr 20:5
g Nu 33:55
h 1Sa 8:17; 1Kr 21:3
i De 28:15; De 28:48
j 1Sa 17:26; 2Kn 19:22; Ps 80:6
k Ps 33:16; Spr 16:18; Jer 9:23
l 1Sa 8:20
m De 20:1; Jos 1:9; 1Sa 17:24; Ps 27:1; Jes 51:12
n Ge 35:16; Ge 35:19; Rut 1:2; Rut 4:22; 1Sa 16:1; 1Sa 17:58; Mi 5:2; Mt 2:6

Isai. En hy het agt seuns ge-
had.[a] En in die dae van Saul was
die man reeds oud onder die
manne. **13** En die drie oud-
ste seuns van Isai het wegge-
gaan. Hulle het Saul na die oor-
log gevolg,[b] en die name van
sy drie seuns wat na die oor-
log gegaan het, was Eli′ab,[c]
die eersgeborene, en sy twee-
de seun Abina′dab[d] en die der-
de Samma.[e] **14** En Dawid was
die jongste,[f] en die drie oudstes
het Saul gevolg.

**15** En Dawid het heen en
weer gegaan van Saul af om die
skape van sy vader in Betlehem
op te pas.[g] **16** En die Filistyn
het veertig dae lank aangehou
om soggens vroeg en saans vo-
rentoe te kom en sy plek in te
neem.

**17** Toe het Isai vir sy seun
Dawid gesê: "Neem asseblief
hierdie efa geroosterde graan[h]
en hierdie tien brode vir jou
broers, en bring dit gou na die
kamp vir jou broers. **18** En
hierdie tien porsies melk
moet jy vir die hoof oor dui-
send bring;[i] ook moet jy na jou
broers omsien wat hulle wel-
stand betref,[j] en jy moet 'n
pand van hulle neem." **19** In-
tussen was Saul en hulle en al
die ander manne van Israel in
die Elalaagvlakte,[k] waar hulle
teen die Filistyne geveg het.[l]

**20** En Dawid het die oggend
vroeg opgestaan en die skape
aan die wagter se sorg oorge-
laat en opgelaai en gegaan net
soos Isai hom beveel het.[m] Toe
hy by die kampterrein[n] kom,
het die krygsmag na die ge-
vegslinie uitgetrek,[o] en hul-
le het 'n oorlogskreet aangehef.
**21** En Israel en die Filistyne
het slagorde teenoor slagorde
begin opstel. **22** Onmiddellik
het Dawid die bagasie[p] van hom
afgehaal en dit aan die sorg van
die bewaker van die bagasie[a]
oorgelaat en na die gevegslinie
gehardloop. Toe hy daar kom,
het hy na die welstand van sy
broers begin vra.[b]

**23** Terwyl hy met hulle ge-
praat het, kyk, toe het die
baasvegter met die naam Go′-
liat,[c] die Filistyn uit Gat,[d] uit
die gevegslinies van die Fili-
styne opgekom, en hy het die-
selfde woorde as tevore begin
spreek,[e] en Dawid het geluis-
ter. **24** Toe al die manne van
Israel die man sien, kyk, toe
het hulle vir hom gevlug en
was hulle baie bang.[f] **25** En
die manne van Israel het be-
gin sê: "Het julle die man ge-
sien wat daar opkom? Want hy
kom op om Israel uit te tart.[g]
En die koning sal die man wat
hom doodmaak, met groot ryk-
dom verryk, en hy sal sy dogter
aan hom gee,[h] en hy sal die huis
van sy vader in Israel vrystel."[i]

**26** En Dawid het vir die
manne wat naby hom gestaan
het, begin sê: "Wat sal gedoen
word met die man wat daar-
die Filistyn daar oorkant dood-
maak[j] en die smaad van Israel
afwend?[k] Want wie is hierdie
onbesnede[l] Filistyn dat hy die
gevegslinies van die lewende
God[m] moet uittart?"[n] **27** Toe
het die manskappe dieselfde
woorde as tevore met hom ge-
spreek en gesê: "So sal gedoen
word met die man wat hom
doodmaak." **28** En sy oudste
broer Eli′ab[o] het gehoor ter-
wyl hy met die manne praat,
en Eli′ab se toorn het teen
Dawid ontvlam,[p] sodat hy ge-
sê het: "Waarom het jy afge-
kom? En aan wie se sorg het
jy daardie paar skape in die
wildernis oorgelaat?[q] Ek ken
jou vermetelheid en die slegt-

**HFST. 17**

a 1Sa 16:10; 1Kr 2:13
b Nu 1:3
c 1Sa 16:6
d 1Sa 16:8; 1Kr 2:13
e 1Sa 16:9; 2Sa 13:3
f 1Kr 2:15
g 1Sa 16:11; 1Sa 16:19
h Rut 2:14; 1Sa 25:18; 2Sa 17:28
i 1Sa 16:20; Spr 3:27; Spr 18:16
j Ge 37:14
k 1Sa 17:2; 1Sa 21:9
l 1Sa 9:16
m Kol 3:20
n 1Sa 26:5
o 1Sa 4:2; 1Sa 23:3
p 1Sa 10:22; 1Sa 17:17

**Tweede kol.**

a 1Sa 30:24
b Ge 37:14; 1Sa 17:18
c 1Sa 17:4; 1Kr 20:5
d Jos 11:22; 2Sa 21:22; 1Kr 20:8
e 1Sa 17:10
f Nu 13:33; De 20:3; 1Sa 17:11; Jes 7:2
g 1Sa 17:10; 2Kn 19:22
h Jos 15:16; 1Sa 14:49; 1Sa 18:17; 1Sa 18:21
i 1Sa 8:11; Mt 17:26
j 1Sa 17:37
k Ps 74:18; Ps 74:22; Ps 79:12
l 1Sa 14:6; 1Sa 18:25
m Jer 10:10; 1Te 1:9
n 1Sa 17:10
o 1Sa 16:6; 1Kr 2:13
p Ps 37:8; Spr 14:17; Spr 14:29; Spr 27:4
q 1Sa 17:20

heid van jou hart goed,[a] want
jy het afgekom om die geveg
te sien."[b] 29 Hierop het Da-
wid gesê: "Wat het ek nou ge-
doen? Was dit nie net 'n woord
nie?"[c] 30 Daarop het hy van
hom af weggedraai na iemand
anders en dieselfde woord as
tevore gesê,[d] waarop die man-
skappe hom dieselfde antwoord
as vroeër gegee het.[e]

31 So is die woorde gehoor
wat Dawid gespreek het, en
hulle het dit voor Saul vertel.
Hy het hom derhalwe laat haal.
32 En Dawid het vir Saul ge-
sê: "Laat die hart van geen man
in hom beswyk nie.[f] U kneg sal
gaan en teen hierdie Filistyn
veg."[g] 33 Maar Saul het vir
Dawid gesê: "Jy kan nie na
hierdie Filistyn gaan om teen
hom te veg nie,[h] want jy is nog
maar 'n seun,[i] en hy is van
sy seunsjare af 'n krygsman."
34 En Dawid het vir Saul ge-
sê: "U kneg het vir sy vader
'n herder onder die kleinvee ge-
word, en daar het 'n leeu[j] ge-
kom, en ook 'n beer, en elkeen
het 'n skaap uit die trop wegge-
dra. 35 En ek het uitgegaan
agter hom aan en hom neerge-
slaan[k] en dit uit sy bek ge-
red. Toe hy teen my begin op-
staan, het ek sy baard gegryp
en hom neergeslaan en hom
doodgemaak. 36 U kneg het
die leeu sowel as die beer dood-
gemaak; en hierdie onbesnede
Filistyn[l] sal soos een van hulle
word, want hy het die gevegs-
linies[m] van die lewende God[n]
uitgetart."[o] 37 Toe het Dawid
bygevoeg: "Jehovah, wat my uit
die klou van die leeu en uit die
klou van die beer verlos het, hy
sal my uit die hand van hier-
die Filistyn verlos."[p] Hierop het
Saul vir Dawid gesê: "Gaan, en
mag Jehovah met jou wees."[q]

38 Saul het Dawid toe sy
klere laat aantrek, en hy het
'n koperhelm op sy kop gesit,
waarna hy hom 'n pantser laat
aantrek het. 39 Toe het Da-
wid sy swaard oor sy klere aan-
gegord en aanstaltes gemaak
om te gaan maar kon nie, om-
dat hy dit nooit probeer het nie.
Uiteindelik het Dawid vir Saul
gesê: "Ek kan nie hierin gaan
nie, want ek het dit nooit pro-
beer nie." Daarop het Dawid dit
uitgetrek.[a] 40 En hy het sy
staf in sy hand geneem en uit
die stroomvallei vir hom die vyf
gladste klippe gekies en dit in
sy herdersak gesit, wat vir hom
as 'n houer gedien het, en sy
slinger[b] was in sy hand. En hy
het na die Filistyn toe begin
kom.

41 En die Filistyn het begin
kom, en hy het al hoe nader aan
Dawid gekom, en die man wat
die groot skild gedra het, was
voor hom. 42 Toe die Filistyn
dan nou kyk en Dawid sien, het
hy hom begin verag[c] omdat hy
'n seun was[d] en rooierig,[e] met 'n
mooi voorkoms.[f] 43 Toe het
die Filistyn vir Dawid gesê: "Is
ek 'n hond,[g] dat jy met stok-
ke na my toe kom?" Daarop
het die Filistyn by sy gode 'n
vloek oor Dawid uitgespreek.[h]
44 En die Filistyn het verder
vir Dawid gesê: "Kom net na
my toe, en ek sal jou vlees aan
die voëls van die hemel en aan
die diere van die veld gee."[i]

45 Hierop het Dawid vir die
Filistyn gesê: "Jy kom na my
toe met 'n swaard en met
'n spies en met 'n werpspies,[j]
maar ek kom na jou toe met
die naam van Jehovah van die
leërs,[k] die God van die gevegs-
linies van Israel, wat jy uitge-
tart het.[l] 46 Vandag sal Jeho-
vah jou in my hand oorlewer,[m]

HFST. 17
a 1Sa 16:7; 2Kr 6:30
b Spr 18:13; Pr 7:9; Mt 7:1; Ro 14:4; Jak 4:12
c Spr 15:1; 1Pe 3:9
d 1Sa 17:26
e 1Sa 17:25
f De 20:3; Ps 27:3
g 1Sa 16:18; Ps 118:6; Spr 28:1
h Nu 13:31; De 9:2
i 1Sa 17:42
j Rig 14:5; Spr 30:30; Jes 31:4; Am 3:12
k Rig 14:6; 2Sa 23:20
l 1Sa 17:26
m 1Sa 17:20; 1Kr 12:38
n Jer 10:10; 1Te 1:9
o 1Sa 17:10; 2Kn 19:22
p De 7:21; 2Kn 6:16; Ps 18:3; Ps 115:11; 2Ko 1:10; Heb 11:34
q 1Sa 14:6; Ps 97:10; Ps 124:8

Tweede kol.
a Sag 4:6
b Rig 20:16; 1Sa 25:29; 2Kr 26:14
c Ps 123:4
d 1Sa 17:33
e Hgl 5:10; Klg 4:7
f 1Sa 16:12
g 1Sa 24:14; 2Sa 9:8; 2Sa 16:9; 2Kn 8:13; Lu 14:11
h Rig 16:23; 2Kn 1:2
i Spr 18:12; Jer 9:23
j 1Sa 17:6; Jes 54:17
k 2Sa 5:10; 2Sa 22:33; Ps 44:5; Ps 125:1; Heb 11:34
l 1Sa 17:10; 2Kn 19:22
m De 7:2; De 9:3; Jos 10:8

en ek sal jou beslis doodmaak
en jou kop van jou verwyder;
en ek sal beslis die lyke van
die kamp van die Filistyne van-
dag aan die voëls van die hemel
en aan die wilde diere van die
aarde gee;[a] en mense van die
hele aarde sal weet dat daar ’n
God bestaan wat aan Israel be-
hoort.[b] **47** En hierdie hele ge-
meente sal weet dat Jehovah
nie met swaard en ook nie met
spies red nie,[c] want die stryd
behoort aan Jehovah,[d] en hy sal
julle in ons hand gee.”[e]

**48** En die Filistyn het op-
gestaan en bly kom en al hoe
nader gekom om Dawid te ont-
moet, en Dawid het hom be-
gin haas en het in die rigting
van die gevegslinie gehardloop
om die Filistyn te ontmoet.[f]
**49** Toe het Dawid sy hand in sy
sak gesteek en ’n klip daaruit
geneem en dit geslinger, sodat
hy die Filistyn in sy voorkop ge-
tref het[g] en die klip in sy voor-
kop ingedring het, en hy het
op sy gesig op die aarde geval.[h]
**50** So het Dawid, met ’n slinger
en ’n klip, die oorhand oor die
Filistyn gekry, en hy het die Fi-
listyn verslaan en hom doodge-
maak; en daar was geen swaard
in Dawid se hand nie.[i] **51** En
Dawid het gehardloop en oor
die Filistyn gaan staan. Toe het
hy sy swaard geneem[j] en dit uit
sy skede getrek en hom vir se-
ker doodgemaak toe hy sy kop
daarmee afkap.[k] En die Filisty-
ne het gesien dat hulle sterk
man gesterf het, en hulle het
gevlug.[l]

**52** Daarop het die manne
van Israel en van Juda opge-
staan en begin skreeu en die Fi-
listyne tot in die vallei[m] en tot
by die poorte van Ekron[n] agter-
volg,[o] en die dodelik gewondes
van die Filistyne het bly val op
die pad van Saära′im[a] af tot by
Gat sowel as tot by Ekron.
**53** Daarna het die kinders van
Israel teruggekeer van die he-
wige agtervolging van die Fili-
styne en hulle kampe geplun-
der.[b]

**54** Toe het Dawid die kop[c]
van die Filistyn geneem en dit
na Jerusalem gebring, en sy wa-
pens het hy in sy tent gesit.[d]

**55** En die oomblik toe Saul
Dawid sien uitgaan om die Fili-
styn te ontmoet, het hy vir Ab-
ner,[e] die leërhoof, gesê: “Wie se[f]
seun is die jong man,[g] Abner?”
Hierop het Abner gesê: “So
waar as u siel lewe, o koning,
ek weet glad nie!” **56** Toe het
die koning gesê: “Gaan vra jy
wie se seun die jong man is.”
**57** En toe Dawid terugkeer na-
dat hy die Filistyn doodgemaak
het, het Abner hom geneem
en hom voor Saul gebring, met
die kop[h] van die Filistyn in sy
hand. **58** Saul het toe vir hom
gesê: “Wie se seun is jy, jong
man?” waarop Dawid gesê het:
“Die seun van u kneg Isai,[i] die
Betlehemiet.”[j]

**18** En net toe hy klaar met
Saul gepraat het, het die
siel van Jo′natan[k] aan die siel
van Dawid verkleef geraak,[l] en
Jo′natan het hom liefgekry soos
sy eie siel.[m] **2** Toe het Saul
hom op dié dag geneem, en hy
het hom nie toegelaat om na sy
vader se huis terug te keer nie.[n]
**3** En Jo′natan en Dawid het ’n
verbond gesluit,[o] omdat hy hom
liefgehad het soos sy eie siel.[p]
**4** Verder het Jo′natan die mou-
lose oorkleed uitgetrek wat hy
aangehad het en dit aan Da-
wid gegee, en ook sy klere, en
selfs sy swaard en sy boog en sy
gordel. **5** En Dawid het begin

HFST. 17
a Jes 56:9; Op 19:17
b Eks 9:16; De 28:10; 1Kn 8:43; 1Kn 18:36; 2Kn 19:19; Ps 46:10; Jes 52:10; Da 3:29
c Ps 44:6; Ho 1:7; Sag 4:6
d 2Kr 20:15; Ps 46:11; Spr 21:31
e De 20:4
f Ps 27:1; Spr 28:1
g 1Sa 17:57
h 1Sa 17:37; 2Sa 21:22; 2Sa 22:39; Ps 44:7
i Rig 3:31; Rig 15:15; 1Sa 13:22; 1Sa 17:47
j 1Sa 21:9
k Ps 18:40
l De 28:7; Jos 23:10; Heb 11:34
m 1Sa 17:2; 1Sa 17:19
n Jos 15:45
o Ps 18:37

Tweede kol.
a Jos 15:36
b Jer 30:16
c 1Sa 31:9
d 1Sa 21:9
e 1Sa 14:50
f Eks 5:2; 1Sa 25:10
g 1Sa 16:19; 1Sa 16:21
h 1Sa 17:54
i Rut 4:22; 1Sa 16:1; 1Kr 2:13; Jes 11:1; Mt 1:6; Lu 3:32; Han 13:22; Ro 15:12
j 1Sa 17:12; 1Sa 20:6

HFST. 18
k 1Sa 14:1; 1Sa 14:49; 2Sa 1:4
l Ge 44:30; 1Pe 1:22
m 1Sa 19:2; 1Sa 20:17; 1Sa 20:41; 2Sa 1:26
n 1Sa 8:11; 1Sa 16:22; 1Sa 17:15
o 1Sa 20:8; 1Sa 20:42; 1Sa 23:18; 2Sa 9:1; 2Sa 21:7

p Spr 17:17; Spr 18:24; Kol 3:14.

uitgaan. Waar Saul hom ook al
gestuur het, het hy omsigtig op-
getree,[a] sodat Saul hom oor die
krygsmanne aangestel het;[b] en
dit was goed in die oë van die
hele volk en ook in die oë van
die knegte van Saul.

**6** En by hulle intog, toe Da-
wid terugkeer nadat hy die Fi-
listyne verslaan het, het die
vroue uit al die stede van Israel
koning Saul met sang[c] en danse
tegemoet begin gaan, met tam-
boeryne,[d] met blydskap[e] en met
luite. **7** En die vroue wat die
geleentheid gevier het, het in
wisselsang bly sê:

“Saul het sy duisende ver-
slaan,
En Dawid sy tienduisende.”[f]

**8** En Saul het baie toornig ge-
word,[g] en vanuit sy oogpunt
was hierdie woord sleg, sodat
hy gesê het: “Hulle het aan Da-
wid tienduisende gegee, maar
aan my het hulle die duisen-
de gegee, en nou moet nog net
die koningskap aan hom gegee
word!”[h] **9** En van dié dag af
het Saul Dawid voortdurend ag-
terdogtig aangekyk.[i]

**10** En die volgende dag[j] het
God se slegte gees oor Saul
werksaam geword,[k] sodat hy
hom in die huis soos ’n profeet
gedra het,[l] terwyl Dawid soos
in vroeër dae met sy hand mu-
siek gespeel het;[m] en die spies
was in Saul se hand.[n] **11** En
Saul het die spies gegooi[o] en
gesê: “Ek gaan Dawid teen
die muur vaspen!”[p] maar Da-
wid het twee keer voor hom
weggekoes.[q] **12** En Saul het
bang geword[r] vir Dawid om-
dat Jehovah met hom was,[s]
maar van Saul het hy gewyk.[t]
**13** Gevolglik het Saul hom uit
sy teenwoordigheid verwyder[u]
en hom as sy hoof oor dui-
send aangestel; en hy het ge-
reeld voor die manskappe uit-
gegaan en ingekom.[a] **14** En
Dawid het voortdurend in al sy
weë omsigtig opgetree,[b] en Je-
hovah was met hom.[c] **15** En
Saul het heeltyd gesien dat hy
baie omsigtig optree,[d] sodat hy
vir hom bang was. **16** En die
hele Israel en Juda het Dawid
liefgehad, omdat hy voor hulle
uitgegaan en ingekom het.

**17** Uiteindelik het Saul vir
Dawid gesê: “Hier is my oud-
ste dogter Merab.[e] Haar sal ek
aan jou as vrou gee.[f] Wees net
vir my ’n dapper man en voer
die oorloë van Jehovah.”[g] Maar
Saul het by homself gesê: “Laat
my hand nie teen hom wees
nie, maar laat die hand van
die Filistyne teen hom wees.”[h]
**18** Hierop het Dawid vir Saul
gesê: “Wie is ek en wie is my
bloedverwante, my vader se
familie, in Israel, dat ek die
skoonseun van die koning sou
word?”[i] **19** Maar teen die tyd
dat Merab, Saul se dogter, aan
Dawid gegee moes word, was sy
reeds aan A′driël,[j] die Mehola-
tiet,[k] as vrou gegee.

**20** En Migal,[l] Saul se dogter,
was verlief op Dawid, en hulle
het Saul daarvan vertel, en die
saak het hom geval. **21** Toe
het Saul gesê: “Ek sal haar
aan hom gee sodat sy vir hom
as ’n strik kan dien[m] en so-
dat die hand van die Filistyne
teen hom kan wees.” Gevolglik
het Saul vir Dawid gesê: “Deur
een van die twee vroue sal
jy vandag ’n huweliksverbinte-
nis met my aangaan.” **22** Ver-
der het Saul sy knegte beveel:
“Praat in die geheim met Da-
wid en sê: ‘Kyk! Die koning het

**HFST. 18**
a Jos 1:7; 1Sa 18:30; Spr 14:35
b 1Sa 14:52; Spr 20:18
c Eks 15:21; Rig 5:1
d Eks 15:20; Rig 11:34; Ps 68:25
e Jer 31:13
f 1Sa 21:11; 1Sa 29:5; Spr 15:30
g Ge 4:5; Spr 14:30; Spr 27:4; Jak 3:16
h 1Sa 13:14; 1Sa 15:28; 1Sa 16:13; 1Sa 20:31; 1Sa 24:20
i 1Sa 20:33; 1Sa 21:10; Spr 27:4; 1Ti 6:4
j Ef 4:26
k Rig 9:23; 1Sa 16:14; 1Sa 19:9; Job 34:12
l 1Sa 10:6; 1Sa 10:11; 1Sa 19:24
m 1Sa 16:16; 1Sa 16:23
n 1Sa 19:9
o 1Sa 19:10; 1Sa 20:33
p Spr 27:4; 1Jo 3:15; 1Jo 4:20
q Ps 37:32; Lu 4:30; Joh 8:59
r 1Sa 18:29
s 1Sa 16:13
t 1Sa 16:14; 1Sa 28:15
u 1Sa 18:5

**Tweede kol.**
a Nu 27:17; 2Sa 5:2; Ps 121:8
b 1Sa 18:5
c Ge 39:2; Jos 6:27; 1Sa 10:7; 1Sa 16:18
d Jos 1:7; Spr 20:18
e 1Sa 14:49
f 1Sa 17:25
g 1Sa 25:28
h 1Sa 18:25; 2Sa 11:15; 2Sa 12:9; Ps 7:16
i 2Sa 7:18; Spr 15:33; Spr 18:12; Spr 22:4; Jak 4:6; 1Pe 5:6
j 2Sa 21:8
k Rig 7:22; 2Sa 21:8
l 1Sa 14:49; 1Sa 19:11; 1Sa 25:44; 2Sa 3:13; 2Sa 6:16; 1Kr 15:29; m Eks 10:7; 1Sa 18:17; Ps 7:14; Ps 38:12; Spr 26:24; Jer 9:8.

behae in jou, en al sy knegte
het jou liefgekry. Gaan dan nou
’n huweliksverbintenis met die
koning aan.’ ” **23** En die kneg-
te van Saul het hierdie woorde
voor die ore van Dawid begin
spreek, maar Dawid het gesê:
“Is dit iets makliks in julle oë
om ’n huweliksverbintenis met
die koning aan te gaan, terwyl
ek ’n arm man is[a] en geringgeag
word?”[b] **24** Toe het die kneg-
te van Saul aan hom berig ge-
bring en gesê: “Met sulke woor-
de het Dawid gespreek.”

**25** Daarop het Saul gesê: “Só
sal julle vir Dawid sê: ‘Die
koning skep nie behae in ’n
bruidsprys[c] nie, maar in hon-
derd voorhuide[d] van die Filisty-
ne, om hom op die vyande van
die koning te wreek.’ ”[e] Maar
Saul het planne beraam om Da-
wid deur die hand van die Fi-
listyne te laat val. **26** Toe het
sy knegte hierdie woorde aan
Dawid meegedeel, en die saak
het Dawid geval, om ’n huwe-
liksverbintenis[f] met die koning
aan te gaan, en die dae het nog
nie verstryk nie. **27** Daarom
het Dawid opgestaan, en hy en
sy manne het gegaan en onder
die Filistyne tweehonderd man
doodgemaak,[g] en Dawid het
hulle voorhuide gebring[h] en die
volle getal daarvan aan die ko-
ning gegee, om ’n huweliksver-
bintenis met die koning aan te
gaan. Daarop het Saul sy dog-
ter Migal aan hom as vrou ge-
gee.[i] **28** En Saul het gesien en
te wete gekom dat Jehovah met
Dawid was.[j] Wat Saul se dogter
Migal betref, sy het hom lief-
gehad.[k] **29** En weer het Saul
nog meer vrees vir Dawid ge-
koester, en Saul het vir altyd ’n
vyand van Dawid geword.[l]

**30** En die vorste[m] van die Fi-
listyne het uitgetrek, en elke
keer as hulle uitgetrek het,
het Dawid omsigtiger[a] as al die
knegte van Saul opgetree; en
sy naam het baie kosbaar ge-
word.[b]

**19** Eindelik het Saul met sy
seun Jo′natan en met al
sy knegte daaroor gepraat om
Dawid dood te maak.[c] **2** Wat
Saul se seun Jo′natan betref, hy
het groot behae in Dawid ge-
had.[d] Daarom het Jo′natan Da-
wid vertel en gesê: “My vader
Saul wil jou laat doodmaak. En
wees asseblief dan nou môre-
oggend op jou hoede, en jy
moet in ’n skuilplek bly en weg-
kruip.[e] **3** En wat my betref,
ek sal uitgaan en sekerlik langs
my vader gaan staan in die veld
waar jy sal wees, en ek sal ten
behoewe van jou met my vader
praat, en ek sal sekerlik sien
wat sal gebeur, en ek sal jou be-
slis vertel.”[f]

**4** Toe het Jo′natan goed van
Dawid gepraat[g] by sy vader
Saul en vir hom gesê: “Laat die
koning nie teen sy kneg Dawid
sondig nie,[h] want hy het nie
teenoor u gesondig nie en sy
werke was vir u baie voordelig.[i]
**5** En hy het sy siel in sy palm
geplaas[j] en die Filistyn doodge-
maak,[k] sodat Jehovah ’n groot
redding vir die hele Israel be-
werk het.[l] U het dit gesien,
en u was bly. Waarom sou u
dan teen onskuldige bloed son-
dig deur Dawid sonder rede[m] te
laat doodmaak?”[n] **6** Toe het
Saul die stem van Jo′natan ge-
hoorsaam, en Saul het gesweer:
“So waar as Jehovah lewe,[o] hy
sal nie doodgemaak word nie.”
**7** Later het Jo′natan Dawid ge-
roep, en Jo′natan het hom al
hierdie woorde vertel. Toe het
Jo′natan Dawid na Saul toe ge-
bring, en hy was voor hom net
soos voorheen.[p]

**HFST. 18**
a 1Sa 18:18
b Ps 119:141
c Ge 29:18; Ge 34:12; Eks 22:16
d Rig 14:3; 1Sa 17:26; 1Sa 17:36; 1Sa 21:11; 2Sa 1:20; 2Sa 3:14
e 1Sa 14:24
f 1Sa 18:21
g Rig 14:19
h 2Sa 3:14
i 1Sa 17:25
j 1Sa 16:13; 1Sa 24:20
k 1Sa 18:20
l 1Sa 18:9; 1Sa 18:12; 1Sa 20:33; Ps 37:12
m 1Sa 29:3

**Tweede kol.**
a 1Sa 18:5; 1Kn 2:3; Ps 119:99
b 2Sa 7:9; Spr 22:1; Pr 7:1

**HFST. 19**
c 1Sa 18:9; Spr 27:4; Jak 1:20
d 1Sa 18:1; Spr 18:24
e Spr 22:3; Spr 27:12
f 1Sa 20:9; 1Sa 20:13; Spr 17:17
g 1Sa 20:32; 1Sa 22:14; Spr 31:9
h Ge 42:22; 2Kr 6:23; 1Jo 3:15
i Ps 35:12; Ps 109:5; Spr 17:13; Jer 18:20
j Rig 9:17; Rig 12:3; 1Sa 28:21; Ps 119:109; Han 20:24; Flp 2:30
k 1Sa 17:49
l Eks 14:13; 1Sa 11:13; 1Sa 14:45; 1Kr 11:14
m Ps 69:4; Joh 15:25
n 1Sa 20:32; Jer 26:15; Mt 27:4
o De 6:13; 1Sa 14:39; Jer 10:10
p 1Sa 16:21; 1Sa 18:2; 1Sa 18:13

8 Na verloop van tyd het
daar weer oorlog uitgebreek, en
Dawid het uitgetrek en teen die
Filistyne geveg en hulle met 'n
groot slagting verslaan,[a] en hul-
le het voor hom gevlug.[b]
9 En Jehovah se slegte gees[c]
het oor Saul gekom toe hy
met sy spies in sy hand in
sy huis sit, terwyl Dawid met
sy hand musiek speel. 10 Ge-
volglik het Saul Dawid met die
spies teen die muur probeer
vaspen,[d] maar hy het voor Saul
weggekoes,[e] sodat hy die spies
in die muur gesteek het. En Da-
wid het gevlug sodat hy gedu-
rende daardie nag kon ontkom.[f]
11 Later het Saul boodskap-
pers[g] na Dawid se huis gestuur
om dit dop te hou en om hom in
die oggend te laat doodmaak;[h]
maar sy vrou Migal het Dawid
vertel en gesê: "As jy jou siel
nie vannag laat ontkom nie, sal
jy môre dood wees." 12 On-
middellik het Migal Dawid deur
die venster laat afsak, sodat hy
kon weggaan en vlug en ont-
kom.[i] 13 Toe het Migal die te-
rafimbeeld[j] geneem en dit op
die slaapbank gesit, en sy het 'n
net van bokhaar op die plek vir
sy kop gesit, waarna sy dit met
'n kleed bedek het.
14 Saul het toe boodskap-
pers gestuur om Dawid te gaan
haal, maar sy het gesê: "Hy
is siek."[k] 15 Daarop het Saul
die boodskappers gestuur om
Dawid te sien en het gesê:
"Bring hom op sy slaapbank na
my toe op, sodat ek hom kan
laat doodmaak."[l] 16 Toe die
boodskappers inkom, kyk, toe
was die terafimbeeld op die
slaapbank en 'n net van bok-
haar op die plek vir sy kop.
17 Hierop het Saul vir Migal
gesê: "Waarom het jy my so
bedrieg,[m] sodat jy my vyand[n]
weggestuur het dat hy kon ont-
kom?" En Migal het vir Saul ge-
sê: "Hy het vir my gesê: 'Stuur
my weg! Waarom moet ek jou
doodmaak?' "
18 Wat Dawid betref, hy het
gevlug en ontkom[a] en by Sa-
muel in Rama[b] gekom. En hy
het hom alles vertel wat Saul
hom aangedoen het. Toe het
hy en Samuel weggegaan, en
hulle het in Najot[c] gaan woon.
19 Na verloop van tyd het Saul
dié berig gekry: "Kyk! Dawid
is in Najot in Rama." 20 Da-
delik het Saul boodskappers ge-
stuur om Dawid te gaan haal.
Toe hulle die bejaardes van die
profete sien profeteer, en Sa-
muel wat in sy posisie oor hul-
le staan, het die gees[d] van God
oor Saul se boodskappers ge-
kom, en ook hulle het hulle soos
profete begin gedra.[e]
21 Toe hulle Saul daarvan
vertel, het hy onmiddellik an-
der boodskappers gestuur, en
ook húlle het hulle soos profe-
te begin gedra. Daarop het Saul
weer boodskappers gestuur, die
derde groep, en ook hulle het
hulle soos profete begin gedra.
22 Uiteindelik het ook hy na
Rama gegaan. Toe hy by die
groot reënput kom wat in Segu
is, het hy begin vra en gesê:
"Waar is Samuel en Dawid?"
Hierop het hulle gesê: "Daar
in Najot[f] in Rama." 23 En hy
het daarvandaan verder gegaan
na Najot in Rama, en die gees[g]
van God het oor hom gekom, ja,
oor hom, en hy het verder ge-
loop en hom deurentyd soos 'n
profeet gedra totdat hy in Na-
jot in Rama gekom het. 24 En
hy het ook sy klere uitgetrek,
en ook hy het hom voor Samuel
soos 'n profeet gedra, en hy
het daardie hele dag en daardie
hele nag naak bly lê.[h] Daarom

HFST. 19
a De 7:2; Ps 27:3
b Le 26:7
c 1Sa 16:14; 1Sa 18:10; Job 34:12; Heb 3:12
d 1Sa 18:11; 1Sa 19:6; Ps 5:6; Pr 4:13
e Ps 18:17; Ps 34:19; Jes 54:17
f Ps 18:2; Ps 18:48; Ps 59:16; Ps 124:7; Mt 10:23
g Ps 59:Ops; Ps 59:3
h Rig 16:2
i Jos 2:15; Han 9:25; 2Ko 11:33
j Ge 31:19; Ge 31:30; Rig 17:5; 1Sa 15:23; 2Kn 23:24; Ho 3:4
k Jos 2:5; Mt 10:16
l 1Sa 18:9; Ps 37:12; Spr 27:4
m 1Sa 28:12
n 1Sa 18:29

Tweede kol.
a Ps 144:2
b 1Sa 7:17; Spr 17:17
c 1Sa 20:1
d Nu 11:25; Jl 2:28
e 1Sa 10:5; 1Sa 10:6; 1Sa 10:10
f 1Sa 19:18
g 1Sa 19:20
h Jes 20:2; Mi 1:8

het hulle begin sê: “Is Saul ook
onder die profete?”[a]

**20** En Dawid het uit Najot
in Rama gevlug.[b] Hy het
egter gekom en voor Jo′natan
gesê: “Wat het ek gedoen?[c] Wat
is my oortreding, en watter son-
de het ek voor jou vader be-
gaan, want hy soek my siel?”
**2** Hierop het hy vir hom ge-
sê: “Dit is ondenkbaar![d] Jy sal
nie sterf nie. Kyk! My vader
sal nie iets groots of iets kleins
doen sonder om dit aan my
oor te onthul nie;[e] en waar-
om sou my vader hierdie saak
vir my wegsteek?[f] Dit gebeur
nie.” **3** Maar Dawid het ook
gesweer[g] en gesê: “Jou vader
moet gewis weet dat ek guns
in jou oë gevind het,[h] en daar-
om sou hy sê: ‘Moenie dat Jo′-
natan dit weet nie sodat hy nie
gekrenk voel nie.’ Maar so waar
as Jehovah lewe[i] en so waar as
jou siel lewe,[j] daar is in werklik-
heid maar net ’n tree tussen my
en die dood!”[k]

**4** En Jo′natan het vir Da-
wid gesê: “Wat jou siel ook al
mag sê, sal ek vir jou doen.”
**5** Hierop het Dawid vir Jo′na-
tan gesê: “Kyk! Môre is dit nu-
wemaan,[l] en ek behoort vir se-
ker saam met die koning aan
te sit om te eet; en jy moet my
wegstuur, en ek sal my tot die
aand van die derde dag in die
veld versteek.[m] **6** As jou va-
der my enigsins mis, dan moet
jy sê: ‘Dawid het my dringend
verlof gevra om gou na sy stad
Betlehem[n] te gaan, want daar
het hulle ’n jaarlikse offerande
vir die hele familie.’[o] **7** As hy
só sê: ‘Dit is goed!’ dan beteken
dit vrede vir jou kneg. Maar as
hy enigsins toornig word, moet
jy weet dat hy op kwaad be-
sluit het.[p] **8** En jy moet lief-
deryke goedhartigheid teenoor
jou kneg bewys,[a] want jy het
jou kneg saam met jou in ’n
verbond[b] van Jehovah gebring.
Maar as daar ongeregtigheid in
my is,[c] moet jý my doodmaak,
want waarom sou jy my na jou
vader bring?”

**9** Hierop het Jo′natan gesê:
“Dit is ondenkbaar aangaande
jou! Maar sal ek jou dit nie ver-
tel as ek enigsins te wete kom
dat my vader besluit het dat
kwaad oor jou moet kom nie?”[d]
**10** Toe het Dawid vir Jo′natan
gesê: “Wie sal my vertel of jou
vader jou dalk ’n harde ant-
woord gee?” **11** Daarop het
Jo′natan vir Dawid gesê: “Kom
net, en laat ons uitgaan na die
veld.” En hulle twee het uitge-
gaan na die veld. **12** En Jo′na-
tan het verder vir Dawid gesê:
“Mag Jehovah, die God van Is-
rael,[e] ’n getuie wees[f] dat ek om-
streeks hierdie tyd môre, of die
derde dag, my vader sal pols,
en sal ek dan nie, as hy Da-
wid goedgesind is, na jou stuur
en dit beslis aan jou oor ont-
hul nie? **13** Mag Jehovah so
aan Jo′natan doen en mag hy
so daaraan toevoeg[g] as ek, in-
geval my vader dit goedvind
om jou kwaad aan te doen, dit
nie inderdaad aan jou oor ont-
hul en jou wegstuur nie, en jy
nie sekerlik in vrede gaan nie.
En mag Jehovah met jou wees,[h]
net soos hy met my vader was.[i]
**14** En sal jy nie, as ek dan nog
lewe,[j] ja, sal jy nie die liefde-
ryke goedhartigheid van Jeho-
vah teenoor my bewys, sodat
ek nie sal sterf nie?[k] **15** En jy
sal tot onbepaalde tyd nie jou
liefderyke goedhartigheid van
my huis afsny nie.[l] Ook wan-
neer Jehovah al die vyande van
Dawid van die oppervlak van
die aarde af uitroei, **16** sal die

---

**HFST. 19**
a 1Sa 10:11

**HFST. 20**
b 1Sa 19:10; 1Sa 23:26; 2Pe 2:9
c 1Sa 12:3; 1Sa 24:11; Ps 7:3; Ps 18:20
d 1Sa 19:6
e 1Sa 9:15
f 1Sa 20:12
g De 6:13; Heb 6:16
h 1Sa 18:1; 1Sa 19:2
i 2Sa 15:21; 2Kn 2:2; Jer 10:10; Jer 38:16
j 1Sa 1:26; 1Sa 17:55
k 1Sa 27:1; Ps 116:3; 2Ko 1:9
l Nu 10:10; Nu 28:11; 2Kn 4:23; 1Kr 23:31; 2Kr 2:4; Ne 10:33; Kol 2:16
m 1Sa 19:2; Spr 22:3
n 1Sa 16:4; 1Sa 16:18; Joh 7:42
o 1Sa 9:12; 1Sa 20:29
p Est 7:7; Pr 4:13

**Tweede kol.**
a Jos 2:14; Rut 1:8; Spr 17:17; Spr 19:22
b Nu 30:2; 1Sa 18:3; 1Sa 23:18
c 1Sa 20:1
d 1Sa 19:2
e Eks 34:23; De 6:13; Jos 24:23
f Job 31:4; Ps 17:3; Ps 139:1
g Rut 1:17; 1Sa 3:17; 1Sa 25:22; 2Sa 3:9
h 1Sa 16:13; 1Sa 17:37
i 1Sa 10:7; 1Sa 11:6; 1Sa 14:47; 2Sa 1:22
j Joh 15:13
k 2Sa 9:3; 2Sa 9:7
l 2Sa 9:1; 2Sa 21:7

naam van Jo′natan nie uit die
huis van Dawid uitgeroei word
nie.[a] En Jehovah sal dit van die
hand van Dawid se vyande eis.”
**17** Toe het Jo′natan weer vir
Dawid gesweer weens sy liefde
vir hom; want hy het hom lief-
gehad soos hy sy eie siel liefge-
had het.[b]

**18** En Jo′natan het vir hom
gesê: “Môre is dit nuwemaan,[c]
en jy sal beslis gemis word,
want jou sitplek sal leeg wees.
**19** En op die derde dag sal jy
beslis baie gemis word; en jy
moet na die plek kom waar jy
jou op die werksdag versteek
het,[d] en jy moet naby hierdie
klip bly. **20** En wat my be-
tref, ek sal drie pyle aan een
kant daarvan skiet, om hulle na
’n teiken te stuur waarheen ek
wil. **21** En kyk! ek sal die die-
naar stuur en sê: ‘Gaan, vind
die pyle.’ As ek uitdruklik vir
die dienaar sê: ‘Kyk! Die pyle is
aan hierdie kant van jou, neem
hulle’, dan moet jy kom, want
dit beteken vrede vir jou en
daar skort niks nie, so waar as
Jehovah lewe.[e] **22** Maar as ek
vir die jong man só sê: ‘Kyk! Die
pyle is verder van jou af’, moet
jy gaan, want Jehovah het jou
weggestuur. **23** En wat die
woord betref wat ons gespreek
het,[f] ek en jy, wel, mag Jehovah
tot onbepaalde tyd tussen my
en jou wees.”[g]

**24** En Dawid het hom in die
veld versteek.[h] En dit het nu-
wemaan geword, en die koning
het by die maaltyd gaan aansit
om te eet.[i] **25** En die koning
het soos ander kere op sy sit-
plek gesit, op die sitplek by die
muur; en Jo′natan was teenoor
hom, en Abner[j] het langs Saul
gesit, maar Dawid se plek was
leeg. **26** En Saul het op dié
dag hoegenaamd niks gesê nie,
want hy het by homself gesê:
“Iets het gebeur sodat hy nie
rein is nie,[a] want hy is nie gerei-
nig nie.” **27** En die dag ná die
nuwemaan, op die tweede dag,
was Dawid se plek nog leeg.
Hierop het Saul vir sy seun Jo′-
natan gesê: “Waarom het die
seun van Isai[b] nie gister of van-
dag na die maaltyd gekom nie?”
**28** Toe het Jo′natan Saul ge-
antwoord: “Dawid het my drin-
gend verlof gevra om na Bet-
lehem te gaan.[c] **29** En hy het
gesê: ‘Stuur my asseblief weg,
want ons het ’n familieofferan-
de in die stad, en my broer het
my beveel. As ek dan nou guns
in jou oë gevind het, laat my as-
seblief wegglip sodat ek my
broers kan sien.’ Daarom het
hy nie na die koning se tafel ge-
kom nie.” **30** Toe het Saul se
toorn[d] teen Jo′natan ontvlam,
en hy het vir hom gesê: “Jou
seun van ’n opstandige diens-
meisie,[e] weet ek nie goed dat
jy tot jou eie skande en tot die
skande van die skaamdele van
jou moeder[f] die seun van Isai
kies nie? **31** Want al die dae
dat die seun van Isai op die aar-
de lewe, sal jy en jou koning-
skap nie stewig gevestig word
nie.[g] Stuur dan nou en bring
hom na my toe, want hy is vir
die dood bestem.”[h]

**32** Maar Jo′natan het sy va-
der Saul geantwoord en vir hom
gesê: “Waarom moet hy dood-
gemaak word?[i] Wat het hy ge-
doen?”[j] **33** Daarop het Saul
die spies na hom toe gegooi om
hom te tref;[k] en Jo′natan het te
wete gekom dat sy vader besluit
het om Dawid dood te maak.[l]
**34** Onmiddellik het Jo′natan in
gloeiende toorn[m] van die tafel
af opgestaan, en hy het op die
tweede dag ná die nuwemaan
geen brood geëet nie, want hy

HFST. 20
a 1Sa 18:3; 2Sa 21:7
b 1Sa 18:1; 2Sa 1:26; Spr 18:24
c 1Sa 20:5; Esr 3:5; Jes 1:13
d 1Sa 19:2; 1Sa 20:5
e De 6:13; De 10:20; Rig 8:19; 1Sa 14:39; 1Sa 19:6; 1Sa 20:3; 1Sa 25:26; Mt 5:33
f 1Sa 20:14
g Ge 16:5; 1Sa 20:42
h Spr 27:12
i 1Sa 20:5
j 1Sa 14:50; 1Sa 17:55

Tweede kol.
a Le 11:24; Le 15:5; Le 15:16; Le 15:18; Nu 19:16
b Rut 4:22; 1Sa 17:12; 1Sa 22:7
c 1Sa 20:6
d Spr 14:29; Spr 22:24
e Spr 15:2; Spr 21:24; Ef 4:31
f 1Sa 14:50
g 1Sa 18:8
h 1Sa 19:6; Ps 79:11; Pr 4:13; Pr 8:4
i 1Sa 19:5; Ps 69:4; Spr 17:17; Spr 18:24
j Mt 27:23; Lu 23:22
k 1Sa 18:11; 1Sa 19:10; Joh 15:13
l 1Sa 20:7
m Eks 11:8; Eks 32:19; Ef 4:26

was gekrenk weens Dawid,[a] omdat sy vader hom verneder het.[b]

**35** En in die oggend het Jo′natan na die veld uitgegaan na Dawid se afgesproke plek,[c] en daar was ’n jong dienaar by hom. **36** En hy het vir sy dienaar gesê: “Hardloop asseblief, vind die pyle wat ek skiet.”[d] Die dienaar het gehardloop, en hy het die pyl so geskiet dat dit verby hom gegaan het. **37** Toe die dienaar tot by die plek kom waarheen Jo′natan die pyl geskiet het, het Jo′natan agter die dienaar aan begin roep en gesê: “Is die pyl nie verder van jou af nie?”[e] **38** En Jo′natan het agter die dienaar aan geroep: “Haas jou! Maak gou! Moenie stilstaan nie!” En die dienaar van Jo′natan het die pyle opgetel en toe na sy heer gekom. **39** Die dienaar het niks geweet nie; net Jo′natan en Dawid het van die saak geweet. **40** Daarna het Jo′natan sy wapens aan die dienaar gegee wat aan hom behoort het en vir hom gesê: “Gaan, neem dit na die stad.”

**41** Die dienaar het gegaan. Wat Dawid betref, hy het daar naby aan die suidekant opgestaan. Toe het hy met sy gesig op die aarde geval[f] en drie keer gebuig; en hulle het begin om mekaar te soen[g] en oor mekaar te huil, totdat Dawid die meeste gehuil het.[h] **42** En Jo′natan het vir Dawid gesê: “Gaan in vrede,[i] aangesien ons, ons twee, in die naam van Jehovah gesweer[j] en gesê het: ‘Mag Jehovah tot onbepaalde tyd tussen my en jou en tussen my nageslag en jou nageslag wees.’ ”[k]

Toe het Dawid opgestaan en weggegaan, en Jo′natan het in die stad ingekom.

**21** Later het Dawid in Nob[a] by die priester Ahime′leg gekom; en Ahime′leg[b] het Dawid bewend tegemoetgegaan en toe vir hom gesê: “Waarom is u alleen en is daar niemand by u nie?”[c] **2** Hierop het Dawid vir die priester Ahime′leg gesê: “Die koning het my aangaande ’n saak beveel,[d] en hy het vir my gesê: ‘Laat niemand iets weet van die saak waarvoor ek jou stuur en waaroor ek jou beveel het nie.’ En ek het met die jong manne ’n afspraak vir dié en dié plek gemaak. **3** En as daar dan nou vyf brode tot u beskikking is, moet u dit net in my hand gee, of wat ook al gevind kan word.”[e] **4** Maar die priester het Dawid geantwoord en gesê: “Daar is geen gewone brood in my hand nie, maar daar is heilige brood;[f] mits die jong manne hulle ten minste van vroue onthou het.”[g] **5** Toe het Dawid die priester geantwoord en vir hom gesê: “Maar vroue is van ons af weggehou net soos voorheen wanneer ek uitgetrek het,[h] en die liggame van die jong manne bly heilig, hoewel die opdrag gewoon is. En hoeveel te meer vandag, wanneer ’n mens in sy liggaam heilig word?” **6** Daarop het die priester hom gegee wat heilig was,[i] want daar was geen brood daar nie behalwe die toonbrode wat voor Jehovah verwyder is[j] om vars brood daar te sit op die dag dat dit weggeneem is.

**7** En een van Saul se knegte was op dié dag daar, teruggehou[k] voor Jehovah, en sy naam was Doëg,[l] die Edomiet,[m] die vernaamste van die herders wat aan Saul behoort het.[n]

**8** En Dawid het vir Ahime′leg gesê: “En is hier niks tot

**HFST. 20**
a 1Sa 18:1
b 1Sa 20:33
c 1Sa 20:19
d 1Sa 20:20
e 1Sa 20:22
f Ge 43:28; 1Sa 24:8; 1Sa 25:23; 2Sa 9:6
g Ge 29:13; Ge 45:15; 1Sa 10:1; 2Sa 19:39; Han 20:37
h 2Sa 1:26
i Nu 6:26; 1Sa 1:17; Lu 7:50; Han 16:36
j 1Sa 20:17; 1Sa 20:23
k 1Sa 20:23; 1Sa 23:18; 2Sa 9:7

**Tweede kol.**

**HFST. 21**
a 1Sa 22:19; Ne 11:32; Jes 10:32
b 1Sa 22:9
c 1Sa 18:13
d Mt 10:16
e Ps 37:25
f Eks 25:30; Le 24:5; Le 24:9; Mt 12:4; Lu 6:4
g Eks 19:15; Le 15:16; 2Sa 11:11
h Le 15:18; De 23:10
i Le 24:9; Mt 12:4; Mr 2:26; Lu 6:4
j Le 24:8
k Le 13:2; Nu 5:2; Ps 66:13
l 1Sa 22:9; Ps 52:Ops
m Ge 36:1; Eks 12:49; Le 19:34; De 2:4; 1Sa 14:47
n 1Sa 8:17; 1Sa 11:5; 1Kr 27:29; 2Kr 26:10

u beskikking nie, 'n spies of 'n
swaard? Want ek het nie my
swaard of my wapens in my
hand geneem nie, omdat die
koning se saak dringend was."
9 Hierop het die priester gesê:
"Die swaard van Go'liat,[a] die Fi-
listyn, wat u in die Elalaagvlak-
te doodgemaak het[b]—hier is
dit, in 'n mantel toegedraai, ag-
ter die efod.[c] As u dit vir u wil
neem, moet u dit neem, want
hier is geen ander behalwe dit
nie." En Dawid het gesê: "Daar
is nie nog so een nie. Gee dit vir
my."
10 Toe het Dawid opgestaan
en op dié dag voortgegaan om
vir Saul te vlug,[d] en hy het ein-
delik by Agis, die koning van
Gat,[e] gekom. 11 En die kneg-
te van Agis het vir hom begin
sê: "Is dit nie Dawid, die ko-
ning[f] van die land nie? Was dit
nie vir hom wat hulle met dan-
se[g] in wisselsang bly sê het nie:

'Saul het sy duisende ver-
slaan,
En Dawid sy tienduisen-
de'?"[h]

12 En Dawid het hierdie woor-
de ter harte begin neem,
en hy het baie bang geword[i]
weens Agis, die koning van Gat.
13 Daarom het hy hom voor
hulle oë[j] kranksinnig gehou[k] en
hom in hulle hand soos 'n waan-
sinnige begin gedra en krui-
sies op die deure van die poort
bly maak en sy speeksel in
sy baard laat afloop. 14 Uit-
eindelik het Agis vir sy kneg-
te gesê: "Hier sien julle 'n man
wat waansinnig optree. Waar-
om bring julle hom na my toe?
15 Het ek mense nodig wat
tot waansin gedryf is, dat julle
hierdie een gebring het om by
my waansinnig op te tree? Moet
hy in my huis inkom?"

**22** Toe het Dawid daarvan-
daan weggegaan[a] en na
die grot[b] van Adul'lam[c] ge-
vlug;[d] en sy broers en die hele
huis van sy vader het dit ge-
hoor en daarheen afgegaan na
hom toe. 2 En al die manne
wat in benoudheid was[e] en al
die manne wat 'n skuldeiser[f] ge-
had het en al die manne wat bit-
ter van siel[g] was, het by hom
begin bymekaarkom,[h] en hy het
hoof oor hulle geword;[i] en daar
was ongeveer vierhonderd man
by hom.
3 Later het Dawid daarvan-
daan na Mispe in Moab gegaan
en vir die koning van Moab[j] ge-
sê: "Laat my vader en my moe-
der[k] asseblief by julle woon tot-
dat ek weet wat God met my sal
doen." 4 Toe het hy vir hul-
le 'n woonplek voor die koning
van Moab gegee, en hulle het
by hom gebly al die dae dat Da-
wid in die ontoeganklike plek
was.[l]
5 Na verloop van tyd het die
profeet Gad[m] vir Dawid gesê:
"Jy moenie in die ontoegank-
like plek bly nie. Gaan weg,
en jy moet in die land van
Juda kom."[n] Dawid het derhal-
we weggegaan en in die Heret-
woud gekom.
6 En terwyl Saul in Gi'bea
onder die tamariskboom[o] op die
hoogte gesit het met sy spies[p]
in sy hand en al sy knegte wat
om hom staan, het Saul gehoor
dat Dawid en die manne wat
by hom was, gevind is. 7 Toe
het Saul vir sy knegte wat om
hom staan, gesê: "Luister as-
seblief, julle Benjaminiete. Sal
die seun van Isai[q] ook aan julle
almal lande en wingerde gee?[r]
Sal hy julle almal as hoofde oor
duisend[s] en hoofde oor honderd
aanstel? 8 Want julle het al-
mal teen my saamgesweer; en

**HFST. 21**
a 1Sa 17:51, 1Sa 17:54
b 1Sa 17:2, 1Sa 17:50
c Eks 28:6
d 1Sa 27:1
e Jos 11:22, 1Sa 5:8, 1Sa 17:4, 1Sa 27:2, 1Kn 2:39, 2Kn 12:17, Ps 56:Ops
f 1Sa 16:1, 1Sa 16:13, 1Sa 18:8
g 1Sa 18:6, Ps 150:4, Jer 31:4
h 1Sa 18:7, 1Sa 29:5
i Ps 56:3
j Ps 56:6
k Ps 34:Ops, Mt 10:16

**Tweede kol.**

**HFST. 22**
a 1Sa 21:10
b Ps 57:Ops, Ps 142:Ops, Heb 11:38
c Ge 38:1, Jos 15:35, 2Sa 23:13, 1Kr 11:15, Mi 1:15
d Ps 34:19, Ps 56:13
e Rig 11:3, Mt 11:28
f Am 2:6, Mt 18:26
g Rig 18:25, 2Sa 17:8
h Ps 142:7
i 1Sa 30:22, 2Sa 5:2, 1Kr 11:15
j Rut 4:10, Rut 4:17, 1Sa 14:47, 1Sa 20:33
k Ge 47:11, Eks 20:12, Spr 23:24, Mt 19:19
l 1Sa 22:1, 2Sa 23:13, Ps 57:1, Ps 142:Ops
m 2Sa 24:11, 1Kr 21:9, 1Kr 29:29, 2Kr 29:25
n 1Sa 23:3
o Ge 21:33, 1Sa 31:13, 1Kr 10:12
p 1Sa 18:10, 1Sa 19:9, 1Sa 20:33
q Rut 4:22, 1Sa 20:27, 1Sa 25:10
r 1Sa 8:14
s Eks 18:21, 1Sa 8:12

niemand onthul dit aan my oor[a]
wanneer my seun met die seun
van Isai ’n verbond sluit[b] nie,
en nie een van julle het simpa-
tie met my en onthul aan my
oor dat my seun my kneg teen
my opgestook het as iemand
wat in ’n hinderlaag lê soos van-
dag die geval is nie.”

**9** Hierop het Doëg,[c] die Edo-
miet, wat oor die knegte van
Saul gestel was, geantwoord en
gesê: “Ek het die seun van
Isai in Nob by Ahime′leg,[d] die
seun van Ahi′tub,[e] sien kom.
**10** En hy het Jehovah vir hom
geraadpleeg;[f] en hy het vir hom
padkos[g] gegee, en hy het vir
hom die swaard[h] van Go′liat,
die Filistyn, gegee.” **11** Dade-
lik het die koning gestuur om
Ahime′leg, die seun van Ahi′-
tub, die priester, en die hele
huis van sy vader, die priesters
wat in Nob[i] was, te laat roep. En
hulle het almal na die koning
toe gekom.

**12** Saul het toe gesê: “Luis-
ter asseblief, seun van Ahi′tub!”
waarop hy gesê het: “Hier is
ek, my heer.” **13** En Saul het
vir hom gesê: “Waarom het jul-
le teen my saamgesweer,[j] jy en
die seun van Isai, deurdat jy vir
hom brood en ’n swaard gegee
het, en deurdat God vir hom ge-
raadpleeg is, om teen my op te
staan as iemand wat in ’n hin-
derlaag lê soos vandag die geval
is?”[k] **14** Hierop het Ahime′leg
die koning geantwoord en ge-
sê: “En wie onder al u knegte
is soos Dawid,[l] getrou[m] en die
skoonseun[n] van die koning en
hoof oor u lyfwag en geëerd in
u huis?[o] **15** Het ek God van-
dag vir hom begin raadpleeg?[p]
Dit is vir my ondenkbaar! Laat
die koning niks op sy kneg en
op die hele huis van my vader
lê nie, want van dit alles het u
kneg niks kleins of groots ge-
weet nie.”[a]

**16** Maar die koning het gesê:
“Jy sal sekerlik sterf,[b] Ahime′-
leg, jy saam met die hele huis
van jou vader.”[c] **17** Daarop
het die koning vir die hardlo-
pers[d] wat om hom staan, gesê:
“Draai om en maak die pries-
ters van Jehovah dood, omdat
ook hulle hand met Dawid is en
omdat hulle geweet het dat hy
’n voortvlugtige is en hulle dit
nie aan my oor onthul het nie!”[e]
En die knegte van die koning
wou nie hulle hand uitsteek
om die priesters van Jehovah
aan te val nie.[f] **18** Uiteinde-
lik het die koning vir Doëg[g] ge-
sê: “Draai jy om en val die
priesters aan!” Onmiddellik het
Doëg, die Edomiet,[h] omgedraai
en die priesters aangeval en op
dié dag vyf-en-tagtig man dood-
gemaak[i] wat ’n linne-efod[j] dra.
**19** Selfs Nob,[k] die stad van die
priesters, het hy met die skerp-
te van die swaard geslaan, man
sowel as vrou, kind sowel as sui-
geling en bul en esel en skaap
met die skerpte van die swaard.

**20** Maar een seun van Ahi-
me′leg, die seun van Ahi′tub,
wie se naam Abja′tar[l] was, het
ontkom en gevlug om Dawid
te volg. **21** Toe het Abja′tar
vir Dawid gesê: “Saul het die
priesters van Jehovah doodge-
maak.” **22** Hierop het Dawid
vir Abja′tar gesê: “Ek het daar-
die dag goed geweet,[m] omdat
Doëg, die Edomiet, daar was,
dat hy Saul vir seker sou ver-
tel.[n] Ek het persoonlik elke siel
van die huis van jou vader on-
reg aangedoen. **23** Bly net by
my. Moenie bang wees nie, want
wie my siel soek, soek jou siel,
want jy het beskerming by my
nodig.”[o]

**HFST. 22**

a 1Sa 17:31, Spr 15:22
b 1Sa 18:3, 1Sa 20:17
c 1Sa 21:7, Ps 52:Ops
d 1Sa 21:1
e 1Sa 14:3, 1Sa 22:20
f Eks 20:16, Ps 52:2, Ps 52:3, Spr 19:5, Spr 25:18, Spr 29:12, Ese 22:9, Mt 26:59
g 1Sa 21:6
h 1Sa 21:9
i 1Sa 21:1
j Nu 35:30, De 19:15, 1Ti 5:19
k Ps 119:69
l 1Sa 19:4, 1Sa 20:32
m 1Sa 24:11, 1Sa 26:23, 2Sa 22:23
n 1Sa 17:25, 1Sa 18:27
o 1Sa 18:5, 1Sa 18:13
p 1Sa 22:10, 1Sa 28:6

**Tweede kol.**

a 1Sa 21:1, 1Sa 21:2
b 1Sa 14:44, 1Sa 20:31, Spr 28:5, Spr 28:15
c De 24:16, 1Sa 2:32
d 1Sa 8:11, 2Sa 15:1, 1Kn 1:5, 2Kn 10:25
e Spr 28:16, Pr 4:13
f Eks 1:17, De 19:10, Han 4:19, Han 5:29
g 1Sa 22:9, Ps 52:Ops
h Ge 25:30, Ge 36:43, Nu 24:18, 2Kn 8:21
i 1Sa 2:31, 2Kr 24:21, Spr 29:10
j 1Sa 2:28
k 1Sa 21:1, 1Sa 22:9
l 1Sa 2:31, 1Sa 14:3, 1Sa 23:6, 1Sa 30:7, 2Sa 20:25, 1Kn 2:27
m 1Sa 21:7
n Spr 14:15
o 1Kn 2:26

**23** Na verloop van tyd het
hulle aan Dawid berig ge-
bring en gesê: “Kyk, die Fili-
styne voer oorlog teen Kehi′la,[a]
en hulle stroop die dorsvloe-
re.”[b] **2** En Dawid het Jehovah
geraadpleeg[c] en gesê: “Sal ek
gaan, en moet ek hierdie Fili-
styne verslaan?” Toe het Jeho-
vah vir Dawid gesê: “Gaan, en
jy moet die Filistyne verslaan
en Kehi′la red.” **3** Hierop het
die manne van Dawid vir hom
gesê: “Kyk! Ons is bang terwyl
ons hier in Juda[d] is, en hoeveel
te meer as ons na Kehi′la sou
gaan teen die gevegslinies van
die Filistyne!”[e] **4** Daarom het
Dawid Jehovah weer eens ge-
raadpleeg.[f] Jehovah het hom
toe geantwoord en gesê: “Staan
op, trek af na Kehi′la, want ek
gee die Filistyne in jou hand.”[g]
**5** Gevolglik het Dawid met sy
manne na Kehi′la gegaan en
teen die Filistyne geveg en hul-
le vee weggedryf, maar hulle
met ’n groot slagting verslaan;
en Dawid het die redder van die
inwoners van Kehi′la geword.[h]

**6** En toe Abja′tar,[i] die seun
van Ahime′leg, na Dawid in
Kehi′la gevlug het, het hy met
’n efod[j] in sy hand afgegaan.
**7** Na verloop van tyd het Saul
dié berig gekry: “Dawid het
na Kehi′la[k] gekom.” En Saul
het begin sê: “God het hom
in my hand verkoop,[l] want hy
het homself opgesluit deur in
’n stad met deure en grendels
in te kom.” **8** Toe het Saul
al die manskappe vir die oor-
log opgeroep, om na Kehi′la af
te trek, om Dawid en sy man-
ne te beleër. **9** En Dawid het
te wete gekom dat Saul onheil
teen hom beraam.[m] Hy het der-
halwe vir die priester Abja′tar
gesê: “Bring tog die efod hier.”[n]
**10** En Dawid het gesê: “O Je-
hovah, die God van Israel,[a] u
kneg het vir seker gehoor dat
Saul na Kehi′la wil kom om
die stad weens my in puin te
lê.[b] **11** Sal die grondeienaars
van Kehi′la my in sy hand oor-
lewer? Sal Saul afkom net soos
u kneg gehoor het? O Jeho-
vah, die God van Israel, sê as-
seblief vir u kneg.” Hierop het
Jehovah gesê: “Hy sal afkom.”[c]
**12** En Dawid het gesê: “Sal die
grondeienaars van Kehi′la my
en my manne in Saul se hand
oorlewer?” Toe het Jehovah ge-
sê: “Hulle sal julle oorlewer.”[d]

**13** Dadelik het Dawid met
sy manne opgestaan, ongeveer
seshonderd man,[e] en hulle het
uit Kehi′la uitgegaan en bly
rondtrek waar hulle ook al kon
rondtrek. En aan Saul is be-
rig gebring dat Dawid uit Kehi′-
la ontsnap het, en daarom het
hy daarvan afgesien om uit te
trek. **14** En Dawid het in die
wildernis in moeilik toegankli-
ke plekke gaan bly, en hy het in
die bergstreek in die wildernis
van Sif[f] gebly. En Saul het aan-
gehou om hom te soek,[g] en God
het hom nie in sy hand gegee
nie.[h] **15** En Dawid het voort-
durend in vrees verkeer omdat
Saul uitgetrek het om sy siel te
soek terwyl Dawid in die wil-
dernis van Sif in Hores[i] was.

**16** Jo′natan, die seun van
Saul, het toe opgestaan en na
Dawid in Hores gegaan, sodat
hy sy hand kon versterk[j] met
betrekking tot God.[k] **17** En
hy het vir hom gesê: “Moenie
bang wees nie;[l] want die hand
van my vader Saul sal jou nie
vind nie, en jy sal koning[m] oor
Israel wees, en ek sal tweede
onder jou wees; en my vader
Saul weet dit ook.”[n] **18** Toe

HFST. 23
a Jos 15:44; 1Kr 4:19; Ne 3:17
b Le 26:16; De 28:33; Rig 6:6
c Rig 1:1; 1Sa 28:6; 1Sa 30:8; 2Sa 5:19; Ps 37:5; Spr 3:5
d 1Sa 22:5
e 1Sa 13:5; 1Sa 14:52
f Rig 6:39
g Jos 8:7; Rig 7:7; 1Sa 14:6; 2Sa 5:19; 2Kn 3:18
h 1Sa 22:5; 1Sa 23:1
i 1Sa 22:20
j Eks 28:30; 1Sa 14:3
k 1Sa 23:1
l Eks 15:9; 1Sa 23:14; Ps 71:11
m Spr 12:20; Spr 14:22; Spr 16:30; Spr 24:8
n Nu 27:21; 1Sa 30:7

Tweede kol.
a Ps 17:6; Ps 50:15; Jer 33:3
b 1Sa 22:19; Spr 28:15
c Ps 118:21
d Ps 31:8; Ps 62:2; Ps 94:11; Ps 118:8
e 1Sa 22:2; 1Sa 25:13; 1Sa 30:9
f Jos 15:55; 1Sa 23:24; 1Sa 26:1; 1Kr 2:42; Ps 54:Ops
g 1Sa 18:29; 1Sa 20:33; 1Sa 27:1; Ps 54:3
h 1Sa 2:9; Ps 33:18; Ps 54:4; Ps 124:7; Spr 21:30; Ro 8:31
i 1Sa 23:18
j De 3:28; Ne 2:18; Job 16:5; Spr 17:17; Spr 27:9; Lu 22:32; Han 15:32; Heb 10:25
k Ps 37:5; 1Pe 5:7
l Ps 27:1; Jes 41:10
m 1Sa 16:13; 2Sa 2:4; 2Sa 5:3

n 1Sa 20:31; 1Sa 24:20.

het hulle twee voor Jehovah ’n
verbond gesluit;[a] en Dawid het
in Hores gebly, en Jo′natan het
na sy eie huis gegaan.
**19** Later het die manne van
Sif[b] na Saul in Gi′bea[c] opgegaan
en gesê: “Versteek Dawid hom
nie[d] naby ons in die moeilik toe-
ganklike plekke in Hores,[e] op
die heuwel Hagi′la,[f] wat regs
van Je′simon[g] lê nie? **20** En
kom nou af, o koning, in oor-
eenstemming met die hele be-
geerte van u siel[h] om af te kom,
en ons aandeel sal wees om
hom in die hand van die koning
oor te lewer.”[i] **21** Hierop het
Saul gesê: “Mag julle geseënd
wees deur Jehovah,[j] want jul-
le het medelye met my gehad.
**22** Gaan asseblief, volhard nog
en vind uit en kyk na die plek
waar sy voet kom—wie hom
ook al daar gesien het—want
daar is vir my gesê dat hy ge-
wis listig is.[k] **23** En kyk na en
vind uit omtrent al die skuil-
plekke waar hy wegkruip; en
julle moet met die bewys na my
toe terugkeer, en ek sal saam
met julle gaan; en as hy in die
land is, sal ek hom ook sorgvul-
dig onder al die duisende[l] van
Juda soek.”
**24** Toe het hulle opgestaan
en voor Saul uit na Sif[m] gegaan,
terwyl Dawid en sy manne in
die wildernis van Maon[n] in die
A′raba[o] suid van Je′simon was.
**25** Later het Saul met sy man-
ne gekom om hom te soek.[p] Toe
hulle Dawid vertel, het hy dade-
lik na die groot rots[q] afgegaan
en in die wildernis van Maon
gebly. Toe Saul daarvan te hore
kom, het hy Dawid tot in die
wildernis van Maon agternage-
sit.[r] **26** Uiteindelik het Saul
aan hierdie kant van die berg
gekom, en Dawid en sy man-
ne was aan die ander kant van
die berg. En Dawid het haas-
tig geraak om van Saul af weg
te kom;[a] die hele tyd het Saul
en sy manne Dawid en sy man-
ne omsingel om hulle te gryp.[b]
**27** Maar ’n boodskapper het na
Saul toe gekom en gesê: “Haas
u tog en gaan, want die Fili-
styne het ’n inval in die land ge-
doen!” **28** Daarop het Saul te-
ruggedraai en Dawid nie meer
agternagesit nie[c] en die Fili-
styne tegemoetgetrek. Daarom
het hulle dié plek die Groot
Rots van die Skeidings genoem.
**29** Toe het Dawid daarvan-
daan opgetrek en in die moeilik
toeganklike plekke in En-Gedi[d]
gaan woon.

**24** En net toe Saul van sy
agtervolging van die Fi-
listyne terugkeer,[e] het hulle
aan hom berig gebring en gesê:
“Kyk! Dawid is in die wildernis
van En-Gedi.”[f]
**2** En Saul het drieduisend
uitgesoekte manne[g] uit die hele
Israel geneem en Dawid en
sy manne op die kaal rotse
van die bergbokke[h] gaan soek.[i]
**3** Eindelik het hy by die klip-
skaapkrale langs die pad ge-
kom, waar daar ’n grot was. Toe
het Saul ingekom om sy behoef-
te te doen,[j] terwyl Dawid en sy
manne in die heel agterste dele
van die grot[k] gesit het. **4** En
Dawid se manne het vir hom
begin sê: “Dít is die dag waarop
Jehovah vir u sê: ‘Kyk! Ek gee
jou vyand in jou hand,[l] en jy
moet met hom doen net soos dit
goed is in jou oë.’ ”[m] Toe het Da-
wid opgestaan en stilletjies die
slip afgesny van die moulose
oorkleed wat aan Saul behoort
het. **5** Maar agterna het Da-
wid se hart hom bly slaan[n] om-
dat hy die slip afgesny het van
die moulose oorkleed wat aan

**HFST. 23**
a 1Sa 18:3, 1Sa 20:42, 1Sa 22:8, 2Sa 21:7
b 1Kr 2:42
c 1Sa 10:26, 1Sa 15:34
d 1Sa 22:17, 1Sa 26:1, Ps 54:Ops
e 1Sa 23:15
f 1Sa 26:3
g 1Sa 23:24, 1Sa 26:1
h 1Sa 18:29, 1Sa 20:33, Ps 112:10, Spr 11:23
i Ps 54:3, Ps 70:2, Spr 29:26
j Rig 17:2
k Mt 10:16
l Jos 22:30, 1Sa 10:19
m 1Sa 23:14
n Jos 15:55, 1Sa 25:2
o De 1:7
p 1Sa 26:2, Ps 54:3
q 1Sa 23:28
r Spr 11:19

**Tweede kol.**
a 1Sa 19:12, 2Sa 15:14, Ps 31:22
b 2Kr 20:12, Ps 17:9, 2Ko 1:8
c 2Sa 22:1, Ps 18:Ops, Ps 18:2, Ps 54:7
d Jos 15:62, 2Kr 20:2, Hgl 1:14, Ese 47:10

**HFST. 24**
e 1Sa 23:28
f 1Sa 23:29
g 1Sa 13:2
h Ps 104:18
i Ps 37:32, Ps 38:12
j De 23:13, Rig 3:24, 1Kn 18:27
k Ps 57:Ops, Ps 142:Ops
l 1Sa 26:8, 1Sa 26:23
m Spr 24:29, Mt 7:12
n 2Sa 24:10, Ro 2:15, 1Jo 3:20

Saul behoort het. **6** Hy het
derhalwe vir sy manne gesê:
“Dit is vir my ondenkbaar, van-
uit Jehovah se standpunt, dat
ek dit aan my heer, die gesalf-
de[a] van Jehovah, sou doen deur
my hand teen hom uit te steek,
want hy is die gesalfde van Je-
hovah.”[b] **7** Toe het Dawid sy
manne met hierdie woorde uit-
mekaar laat gaan, en hy het
hulle nie toegelaat om teen Saul
op te staan nie.[c] Wat Saul be-
tref, hy het uit die grot uit op-
gestaan en verder gegaan.

**8** Daarna het Dawid ook op-
gestaan en uit die grot uitge-
gaan en agter Saul aan geroep
en gesê: “My heer[d] die koning!”
Hierop het Saul omgekyk, en
Dawid het laag gebuig met sy
gesig na die aarde[e] en hom
neergewerp. **9** En Dawid het
vir Saul gesê: “Waarom luister
u na die woorde van mense[f]
wat sê: ‘Kyk! Dawid soek u on-
geluk’? **10** Kyk, vandag het u
oë gesien hoe Jehovah u van-
dag in die grot in my hand ge-
gee het; en iemand het gesê dat
ek u moet doodmaak,[g] maar ek
het vir u jammer gevoel en ge-
sê: ‘Ek sal nie my hand teen
my heer uitsteek nie, want hy
is die gesalfde[h] van Jehovah.’
**11** En my vader,[i] kyk, ja, kyk
na die slip van u moulose oor-
kleed in my hand, want toe ek
die slip van u moulose oorkleed
afgesny het, het ek u nie dood-
gemaak nie. Weet en sien dat
daar geen kwaad[j] of opstandig-
heid in my hand is nie, en ek
het nie teen u gesondig nie, ter-
wyl u na my siel op die loer lê
om dit weg te neem.[k] **12** Mag
Jehovah tussen my en u oor-
deel;[l] en Jehovah sal vir my
wraak neem[m] op u, maar my
hand sal nie teen u wees nie.[n]
**13** Net soos die spreekwoord
van die ou mense sê: ‘Van die
goddeloses sal goddeloosheid
uitgaan’,[a] maar my hand sal
nie teen u wees nie. **14** Agter
wie aan het die koning van Is-
rael uitgetrek? Agter wie aan
jaag u? Agter ’n dooie hond
aan?[b] Agter ’n enkele vlooi
aan?[c] **15** En Jehovah sal reg-
ter word, en hy sal tussen my
en u oordeel, en hy sal sien en
hy sal vir my die regsaak voer[d]
en aan my reg verskaf om my
uit u hand te bevry.”

**16** En die oomblik toe Dawid
hierdie woorde klaar met Saul
gespreek het, het Saul gesê: “Is
dit jou stem, my seun Dawid?”[e]
En Saul het sy stem begin ver-
hef en gehuil.[f] **17** En hy het
vir Dawid gesê: “Jy is regver-
diger as ek,[g] want jý het aan
my goed gedoen,[h] en ék het
aan jou kwaad gedoen. **18** En
jy—jy het vandag vertel wat jy
in verband met my gedoen het
wat goed is deurdat Jehovah my
in jou hand oorgelewer het[i] en
jy my nie doodgemaak het nie.
**19** Sal ’n man dan nou sy vyand
op ’n goeie pad wegstuur as hy
hom vind?[j] Daarom sal Jehovah
jou met die goeie beloon[k] omdat
jy dit vandag aan my gedoen
het. **20** En nou, kyk! ek weet
goed dat jy vir seker as koning
sal heers[l] en dat die konink-
ryk van Israel beslis in jou hand
bestendig sal wees. **21** Sweer
dan nou vir my by Jehovah[m] dat
jy nie my saad ná my sal uitroei
nie en dat jy nie my naam uit
die huis van my vader sal ver-
delg nie.”[n] **22** Toe het Dawid
vir Saul gesweer, waarna Saul
na sy huis gegaan het.[o] Wat Da-
wid en sy manne betref, hulle
het na die moeilik toeganklike
plek opgegaan.[p]

**HFST. 24**

a 1Sa 26:11; 2Sa 1:14
b Eks 22:28; 1Kr 16:22; Ps 105:15; Han 23:5
c Le 19:18; Ps 7:4; Mt 5:44; Ro 12:17; Ro 12:19; Ro 12:21
d 1Sa 26:17
e 1Sa 20:41; 1Sa 25:23; Ro 12:10; Ro 13:7
f Le 19:16; 1Sa 26:19; Ps 101:5; Spr 16:28; Spr 17:4
g 1Sa 24:4
h 1Sa 9:16; 1Sa 10:1; 1Sa 26:9; Ps 105:15
i 1Sa 18:27; 1Sa 22:14; Spr 15:1; Spr 25:15
j 1Sa 26:18; Ps 7:3; Ps 35:7
k 1Sa 23:14; Ps 140:1
l 1Sa 26:23; Ps 7:8
m De 32:35; Ps 94:1; Na 1:2; Ro 12:19; Heb 10:30
n 1Sa 26:11

**Tweede kol.**

a Ge 4:7; Spr 11:5; Mt 7:17; Ga 6:7
b 1Sa 17:43; 2Sa 9:8; Spr 22:4; Mt 23:12
c 1Sa 26:20
d Ps 35:1; Ps 43:1; Ps 119:154; Mi 7:9
e 1Sa 26:17
f Ge 27:38
g 1Sa 26:21
h Spr 25:21; Ro 12:17
i 1Sa 24:4; 1Sa 24:10; 1Sa 26:8
j Mt 5:44; Ro 12:17
k 1Sa 26:25; 2Kr 16:9; Ps 18:20
l 1Sa 13:14; 1Sa 15:28; 1Sa 18:8; 1Sa 20:31; 1Sa 23:17
m Le 19:12; De 6:13
n 2Sa 9:1; 2Sa 21:7
o 1Sa 15:34

p 1Sa 23:29; Spr 14:15; Mt 10:16.

**25** Na verloop van tyd het
Samuel[a] gesterf; en die
hele Israel het bymekaargekom
en oor hom geweeklaag[b] en
hom by sy huis in Rama[c] begra-
we. Toe het Dawid opgestaan
en na die wildernis Paran[d] afge-
gaan.
**2** En daar was ’n man in
Maon,[e] en sy werk was in Kar-
mel.[f] En die man was baie ver-
moënd, en hy het drieduisend
skape en duisend bokke gehad;
en hy was besig om sy skape
in Karmel te skeer.[g] **3** En die
man se naam was Nabal,[h] en sy
vrou se naam was Abi′gail.[i] En
die vrou het goeie oordeel aan
die dag gelê[j] en was pragtig
van gestalte, maar die man was
hardvogtig en sleg in sy hande-
linge;[k] en hy was ’n Kalebiet.[l]
**4** En Dawid het in die wilder-
nis gehoor dat Nabal sy skape
skeer.[m] **5** Toe het Dawid tien
jong manne gestuur, en Da-
wid het vir die jong manne ge-
sê: “Gaan op na Karmel, en jul-
le moet by Nabal kom en hom in
my naam na sy welstand vra.[n]
**6** En só moet julle vir my broer
sê: ‘Mag dit met u goed gaan[o]
en ook met u huisgesin goed
gaan en met alles wat u het
goed gaan. **7** En ek het dan
nou gehoor dat u skeerders het.
En die herders wat aan u be-
hoort, was saam met ons.[p] Ons
het hulle nie lastig geval nie,[q]
en al die dae dat hulle in Kar-
mel was, is hoegenaamd niks
van hulle vermis nie. **8** Vra u
jong manne, en hulle sal vir u
sê, sodat my jong manne guns in
u oë kan vind, omdat ons op ’n
goeie dag gekom het. Gee asse-
blief net aan u knegte en aan u
seun Dawid wat u hand ook al
mag vind.’ ”[r]
**9** Toe het Dawid se jong man-
ne gekom en met Nabal oor-
eenkomstig al hierdie woorde in
die naam van Dawid gepraat en
toe gewag. **10** Hierop het Na-
bal Dawid se knegte geant-
woord en gesê: “Wie is Dawid,[a]
en wie is die seun van Isai?
Deesdae het die knegte wat
wegbreek, elkeen van sy heer
af, baie geword.[b] **11** En moet
ek my brood[c] en my water en
my geslagte vleis wat ek vir my
skeerders geslag het, neem en
dit aan manne gee van wie ek
nie eens weet waar hulle van-
daan kom nie?”[d]
**12** Daarop het Dawid se jong
manne omgedraai op hulle weg
en teruggegaan en gekom en
ooreenkomstig al hierdie woor-
de aan hom berig gebring.
**13** Onmiddellik het Dawid vir
sy manne gesê: “Gord elkeen sy
swaard aan!”[e] Toe het hulle elk-
een sy swaard aangegord, en
ook Dawid het sy swaard aan-
gegord; en hulle het agter Da-
wid aan begin optrek, ongeveer
vierhonderd man, terwyl twee-
honderd by die bagasie gebly
het.[f]
**14** Intussen het een van die
jong manne aan Abi′gail, Nabal
se vrou, berig gebring en gesê:
“Kyk! Dawid het boodskappers
uit die wildernis gestuur om
ons heer die beste toe te wens,
maar hy het teen hulle uitge-
vaar.[g] **15** En die manne was
baie goed vir ons, en hulle het
ons nie lastig geval nie, en ons
het nie ’n enkele ding vermis al
die dae dat ons saam met hul-
le rondgetrek het terwyl ons
in die veld was nie.[h] **16** Hul-
le was snags sowel as bedags ’n
muur[i] om ons, al die dae dat
ons die kleinvee by hulle opge-
pas het. **17** En weet en kyk
dan nou wat u gaan doen, want
rampspoed is teen ons heer en
teen sy hele huis besluit,[j] aange-
sien hy ’n te groot deugniet[k] is
om met hom te praat.”

**HFST. 25**

a 1Sa 1:20; 1Sa 2:18; 1Sa 3:20; Ps 99:6
b Nu 20:29; De 34:8; Han 8:2
c 1Sa 7:17; 1Sa 28:3
d Ge 21:21; Nu 13:26
e 1Sa 23:24
f Jos 15:1; Jos 15:48; Jos 15:55
g 2Sa 13:23
h 1Sa 25:25; 1Sa 25:38
i 1Sa 27:3; 1Sa 30:5
j Spr 14:1; Spr 24:3; Spr 31:26
k 1Sa 25:17; 1Sa 25:21; Jes 32:5
l Nu 13:6; Nu 32:12
m 2Sa 13:23
n 1Sa 17:22
o Mt 10:12; Lu 10:5
p 1Sa 22:2
q 1Sa 25:15; Lu 3:14
r De 15:7; Spr 3:27; Lu 11:41; Han 20:35; Heb 13:16

**Tweede kol.**

a Eks 5:2; Ps 123:4
b 1Sa 22:2; Jes 32:6
c De 8:17; Rig 8:6; 2Ko 9:10
d Spr 21:13; Pr 9:15; Jes 32:6; Lu 6:38; Jak 2:16
e Ps 37:8; Spr 15:1; Pr 7:9
f 1Sa 10:22; 1Sa 17:22; 1Sa 30:24
g 1Sa 25:10; 2Sa 16:7
h 1Sa 25:7
i 1Sa 23:1; Job 1:10; Spr 18:11
j 1Sa 20:9; 1Sa 25:13; Est 7:7
k 1Sa 25:3; 2Kr 13:7; Jes 32:7

**18** Dadelik het Abi′gail[a] haar gehaas en tweehonderd brode en twee groot kruike wyn[b] en vyf bereide skape[c] en vyf sea geroosterde[d] graan en honderd rosynekoeke[e] en tweehonderd koeke van saamgeperste vye[f] geneem en dit op die esels gesit. **19** Toe het sy vir haar jong manne gesê: "Gaan voor my uit.[g] Kyk! Ek kom agter julle aan." Maar vir haar man Nabal het sy niks gesê nie.

**20** En terwyl sy op die esel gery[h] en in die geheim die berg afgegaan het, kyk, toe het Dawid en sy manne afgekom, haar tegemoet. So het sy hulle teëgekom. **21** Wat Dawid betref, hy het gesê: "Ek het net tot teleurstelling alles bewaak wat aan hierdie man in die wildernis behoort, en nie 'n enkele ding van alles wat aan hom behoort, is vermis nie,[i] en tog vergeld hy my kwaad vir goed.[j] **22** Mag God so aan die vyande van Dawid doen en mag hy so daaraan toevoeg[k] as ek tot die oggend toe van almal wat syne is, enigeen laat oorbly[l] wat manlik is."[m]

**23** Toe Abi′gail Dawid sien, het sy haar dadelik gehaas en van die esel afgeklim en op haar gesig voor Dawid geval en na die aarde gebuig.[n] **24** Sy het toe voor sy voete neergeval[o] en gesê: "Op my, o my heer, is die oortreding;[p] en laat u slavin asseblief voor u ore spreek,[q] en luister na die woorde van u slavin. **25** Laat my heer asseblief nie sy hart op hierdie deugniet[r] Nabal rig nie, want soos sy naam is, so is hy. Nabal is sy naam, en verstandeloosheid is by hom.[s] Wat my, u slavin, betref, ek het nie my heer se jong manne gesien wat u gestuur het nie. **26** En nou, my heer, so waar as Jehovah lewe[a] en so waar as u siel lewe,[b] Jehovah het u daarvan teruggehou[c] om bloedskuldig te word[d] en u eie hand tot u redding te laat kom.[e] En laat dan nou u vyande en dié wat daarop uit is om my heer kwaad aan te doen, soos Nabal word.[f] **27** En wat dan nou hierdie seëngeskenk[g] betref wat u diensmeisie vir my heer gebring het, dit moet aan die jong manne gegee word wat in die voetstappe van my heer rondtrek.[h] **28** Vergewe asseblief die oortreding van u slavin,[i] want Jehovah sal vir seker vir my heer 'n bestendige huis tot stand bring,[j] omdat my heer die oorloë van Jehovah voer;[k] en wat kwaad betref, dit sal gedurende al u dae nie in u gevind word nie.[l] **29** Wanneer 'n mens opstaan om u te agtervolg en u siel te soek, sal die siel van my heer beslis in die sak van die lewe[m] by Jehovah u God toegebind wees;[n] maar wat die siel van u vyande betref, hy sal dit wegslinger soos vanuit die holte van die slinger.[o] **30** En omdat Jehovah aan my heer die goeie teenoor u sal doen volgens alles wat hy gespreek het, sal hy u beslis as leier oor Israel aanstel.[p] **31** En laat dít nie vir u 'n rede tot wankeling of vir die hart van my heer 'n struikelblok word, deur sonder oorsaak bloed te vergiet[q] en deur my heer se eie hand tot sy redding te laat kom nie.[r] En Jehovah sal beslis aan my heer goed doen, en u moet aan u slavin dink."[s]

**32** Hierop het Dawid vir Abi′gail gesê: "Mag Jehovah, die God van Israel, geloof word,[t] wat jou vandag gestuur het om

**HFST. 25**

a 1Sa 25:3; 1Sa 25:23; 1Sa 25:32
b Ge 32:13
c 2Sa 17:29
d Rut 2:14; 1Sa 17:17; 2Sa 17:28
e 1Sa 30:12; 2Sa 16:1
f 1Kr 12:40; Spr 25:21; Spr 25:22
g Ge 32:16
h Jos 15:18; 2Kn 4:24
i 1Sa 25:7
j 1Sa 25:10; Ps 35:12; Ps 38:20; Ps 109:5; Spr 17:13
k Rut 1:17; 1Sa 3:17; 1Sa 14:44; 1Sa 20:13; 2Sa 3:9
l Spr 12:16; Spr 14:17; Spr 26:4; Ro 12:21
m 1Kn 14:10; 1Kn 16:11; 1Kn 21:21; 2Kn 9:8; 2Kn 10:7
n 1Sa 24:8; 1Sa 25:41
o 2Kn 4:37; Est 8:3
p 2Sa 14:9
q Ge 44:18; 2Sa 14:12
r 1Sa 25:17
s Jes 32:6

**Tweede kol.**

a 1Sa 20:21; 1Kn 2:24
b 1Sa 1:26; 2Sa 14:19; 2Kn 2:2
c Ge 20:6; Mt 6:13
d Ge 9:6; Nu 35:30
e Ro 12:19
f 1Sa 25:25; Jer 29:22
g Ge 33:11; 1Sa 25:18; 1Sa 30:26; 2Kn 5:15; Spr 18:16; Spr 25:21; Spr 25:22
h 1Sa 22:2
i Spr 18:12; Spr 22:4
j 1Sa 15:28; 2Sa 7:11; 1Kn 9:5
k 1Sa 17:45; 1Sa 18:17; 2Sa 5:2
l 1Sa 24:11; 1Kn 15:5; Ps 119:1
m Ps 41:2
n Ge 15:1; De 33:29; Ps 66:9

**o** Jer 10:18; **p** 1Sa 13:14; 1Sa 15:28; 1Sa 23:17; 2Sa 6:21; 2Sa 7:8; 1Kr 17:7; Ps 89:20; **q** 1Sa 25:26; Ef 4:26; **r** De 32:35; 1Sa 24:15; Ps 94:1; Ro 12:19; **s** Ge 40:14; **t** Ps 41:13; Ps 72:18.

my te ontmoet! **33** En mag jou
verstandigheid geseënd wees,[a]
en mag jy geseënd wees wat
my vandag daarvan weerhou
het om bloedskuldig te word[b]
en my eie hand tot my redding
te laat kom.[c] **34** En so waar
as Jehovah, die God van Israel,
lewe, wat my daarvan terug-
gehou het om jou kwaad aan te
doen,[d] as jy jou nie gehaas het
om my tegemoet te kom nie,[e]
sou daar andersyds beslis nie
tot die môrelig vir Nabal enig-
een oorgebly het wat manlik
is nie.”[f] **35** Daarop het Dawid
uit haar hand aanvaar wat sy
vir hom gebring het, en hy het
vir haar gesê: “Gaan in vrede[g]
op na jou huis. Kyk, ek het na
jou stem geluister sodat ek jou
in aanmerking sal neem.”[h]

**36** Later het Abi′gail by Na-
bal gekom, en kyk, hy het ’n
feesmaal soos die feesmaal van
die koning[i] in sy huis gehad;
en Nabal se hart was vrolik in
hom, en hy was smoordronk;[j]
en sy het hom tot die oggend-
lig niks kleins of groots ver-
tel nie. **37** En in die oggend,
toe die wyn uit Nabal uitge-
gaan het, het sy vrou hom hier-
die dinge vertel. En sy hart[k] het
binne hom gesterf, en hy het
soos ’n klip geword. **38** Daar-
na het sowat tien dae verloop en
toe het Jehovah Nabal getref,[l]
sodat hy gesterf het.

**39** En Dawid het gehoor dat
Nabal gesterf het, en hy het
toe gesê: “Mag Jehovah geloof
word, wat die regsaak[m] van my
smaad[n] gevoer het om my uit
Nabal se hand te bevry en wat
sy kneg van kwaad terugge-
hou het,[o] en Jehovah het die
kwaad van Nabal op sy eie hoof
laat terugkom!”[p] En Dawid het
gestuur en ’n huweliksvoor-
stel aan Abi′gail gedoen, om
haar vir hom as vrou te neem.[q]
**40** Toe het Dawid se knegte
by Abi′gail in Karmel gekom
en met haar gepraat en gesê:
“Dawid het ons na u toe ge-
stuur om u vir hom as vrou te
neem.” **41** Onmiddellik het sy
opgestaan en met haar gesig na
die aarde gebuig[a] en gesê: “Hier
is u slavin as ’n diensmeisie om
die voete van die knegte van
my heer[b] te was.”[c] **42** Toe het
Abi′gail[d] haar gehaas en opge-
staan en op die esel gery[e] met
vyf van haar diensmeisies wat
agter haar loop; en sy het die
boodskappers van Dawid verge-
sel en toe sy vrou geword.

**43** Dawid het ook Ahi′noam[f]
uit Jis′reël[g] geneem; en die
vroue, ja al twee, het sy vrou-
ens geword.[h]

**44** Wat Saul betref, hy het sy
dogter Migal,[i] Dawid se vrou,
aan Palti,[j] die seun van Laïs, ge-
gee, wat uit Gallim[k] was.

**26** Na verloop van tyd het
die manne van Sif[l] by
Saul in Gi′bea[m] gekom en ge-
sê: “Versteek Dawid hom nie
op die heuwel Hagi′la[n] teenoor
Je′simon[o] nie?” **2** En Saul het
opgestaan[p] en na die wildernis
van Sif afgegaan, en saam met
hom drieduisend man,[q] die uit-
gesoektes van Israel, om Dawid
in die wildernis van Sif te soek.
**3** En Saul het kamp opgeslaan
op die heuwel Hagi′la, wat teen-
oor Je′simon lê, by die pad, ter-
wyl Dawid in die wildernis ge-
woon het. En hy het gesien dat
Saul tot in die wildernis ag-
ter hom aan gekom het. **4** Toe
het Dawid spioene gestuur[r] so-
dat hy kon weet of Saul inder-
daad gekom het. **5** Later het
Dawid opgestaan en na die plek
gegaan waar Saul kamp opge-
slaan het, en Dawid het die plek

**HFST. 25**

a Ps 141:5; Spr 9:9; Spr 25:12
b De 19:10; 1Sa 25:26; Ps 73:2; Spr 15:1; Jak 5:20
c 1Sa 25:31; Ps 56:13; Ro 12:19
d 1Sa 25:24
e 1Sa 25:18; Spr 29:8
f 1Sa 25:22
g 1Sa 20:42; 2Sa 15:9; 2Kn 5:19
h Ge 19:21; Spr 28:23
i 2Sa 13:23; 1Kn 4:22; Est 1:5
j 1Kn 20:16; Spr 20:1; Ho 4:11; 1Ko 6:10; Ef 5:18
k De 28:28; Ps 102:4; Ps 143:4
l Ge 38:7; Ge 38:10; 2Sa 6:7; 2Kn 19:35; Han 12:23
m De 32:35; 1Sa 24:15; Ps 35:1; Ps 43:1; Spr 22:23
n 1Sa 25:10; 1Sa 25:14
o 1Sa 25:34
p Rig 9:57; 1Kn 2:44; Ps 7:16
q Spr 18:22; Spr 31:10; Spr 31:31

**Tweede kol.**

a Rut 2:10
b Spr 15:33; Spr 18:12
c Ge 18:4; Lu 7:44; Joh 13:5; 1Ti 5:10
d 1Sa 25:3
e Ge 24:61
f 1Sa 27:3; 2Sa 3:2; 1Kr 3:1
g Jos 15:56
h 1Sa 30:5; 2Sa 5:13; 2Sa 12:8
i 1Sa 18:20
j 2Sa 3:15
k Jes 10:30

**HFST. 26**

l Jos 15:55; 1Sa 23:14; Ps 54:Ops
m Rig 19:14; 1Sa 10:26; 1Sa 11:4
n 1Sa 23:19

o 1Sa 23:24; p 1Sa 23:23; 1Sa 24:17; q 1Sa 24:2; r Jos 2:1; Mt 10:16.

gesien waar Saul gaan lê het, en
ook Abner,[a] die seun van Ner,
sy leërhoof; en Saul het in die
kampterrein[b] gelê met die man-
skappe wat rondom hom kamp
opgeslaan het. 6 Toe het Da-
wid geantwoord en vir Ahime′-
leg, die Hetiet,[c] en Abi′sai,[d] die
seun van Seru′ja,[e] die broer van
Joab, gesê: “Wie sal saam met
my na Saul in die kamp af-
gaan?” Hierop het Abi′sai gesê:
“Ek sal saam met u afgaan.”[f]
7 En Dawid het saam met Abi′-
sai in die nag na die manskap-
pe toe gegaan; en kyk! Saul
het in die kampterrein gelê en
slaap met sy spies by sy kop in
die grond gesteek, en Abner en
die manskappe het rondom hom
gelê.

8 Abi′sai het toe vir Dawid
gesê: “God het vandag u vy-
and in u hand oorgelewer.[g]
En laat ek hom dan nou as-
seblief net een keer met die
spies teen die grond vaspen, en
ek sal dit nie twee keer aan
hom doen nie.” 9 Dawid het
egter vir Abi′sai gesê: “Moet
hom nie ombring nie, want wie
het sy hand teen die gesalfde
van Jehovah[h] uitgesteek en on-
skuldig gebly?”[i] 10 En Dawid
het verder gesê: “So waar as Je-
hovah lewe,[j] Jehovah sal hom
tref;[k] of sy dag sal kom[l] en hy
sal moet sterf, of hy sal in
die oorlog[m] aftrek en sal be-
slis weggevee word.[n] 11 Dit is
vir my ondenkbaar,[o] vanuit Je-
hovah se standpunt,[p] om my
hand teen die gesalfde van Je-
hovah[q] uit te steek![r] Neem dan
nou asseblief die spies wat by
sy kop is en die waterkruik, en
laat ons weggaan.” 12 Daarop
het Dawid die spies en die wa-
terkruik van die plek by Saul se
kop weggeneem, en toe het hul-
le weggegaan; en niemand het
gesien[a] en niemand het gemerk
en niemand het wakker geword
nie, want hulle was almal aan
die slaap, omdat ’n diep slaap[b]
van Jehovah af op hulle geval
het. 13 Toe het Dawid na die
oorkant gegaan en op die top
van die berg op ’n afstand gaan
staan, sodat die ruimte tussen
hulle groot was.

14 En Dawid het na die man-
skappe en na Abner, die seun
van Ner, begin roep en ge-
sê: “Gaan jy nie antwoord nie,
Abner?” En Abner[c] het begin
antwoord en gesê: “Wie is jy
wat na die koning geroep het?”
15 En Dawid het vir Abner ge-
sê: “Is jy nie ’n man nie? En wie
is soos jy in Israel? Waarom het
jy dan nie oor jou heer die ko-
ning gewaak nie? Want een uit
die volk het ingekom om jou
heer die koning om te bring.[d]
16 Wat jy gedoen het, is nie
goed nie. So waar as Jehovah le-
we,[e] julle verdien om te sterf,[f]
omdat julle nie oor julle heer,
oor die gesalfde van Jehovah,[g]
gewaak het nie.[h] En kyk dan
nou waar die koning se spies en
die waterkruik[i] is wat by sy kop
was.”

17 En Saul het die stem van
Dawid begin herken en gesê: “Is
dit jou stem, my seun Dawid?”[j]
Hierop het Dawid gesê: “Dit is
my stem, my heer die koning.”
18 En hy het bygevoeg: “Waar-
om sit my heer sy kneg agter-
na,[k] want wat het ek gedoen,
en watter kwaad is daar in
my hand?[l] 19 En laat my heer
die koning asseblief nou na die
woorde van sy kneg luister:
As dit Jehovah is wat u teen
my aangehits het, laat hom ’n
graanoffer ruik.[m] Maar as dit
die mensekinders is,[n] is hulle
vervloek voor Jehovah,[o] omdat
hulle my vandag verdryf het

HFST. 26

a 1Sa 14:50, 1Sa 17:55, 2Sa 2:8, 2Sa 3:27
b 1Sa 17:20
c Ge 10:15, Ge 15:20
d 2Sa 16:9, 2Sa 18:5
e 2Sa 2:18, 2Sa 23:18, 1Kr 2:16
f Rig 7:10, 1Sa 14:7
g 1Sa 24:4, 1Sa 26:23
h 1Sa 10:1, 1Sa 24:6, 2Sa 1:14
i 1Kr 16:22, Ps 20:6, Ps 105:15, Lu 18:7
j 1Sa 20:21, 1Sa 25:26
k De 32:35, 1Sa 24:12, 1Sa 25:38, Ps 94:1, Ps 94:23, Ro 12:19, Jud 9
l Job 14:5, Ps 37:13, Ps 90:10, Pr 8:13
m 1Sa 31:3, 1Sa 31:6
n 1Sa 12:25
o 1Sa 14:45, 1Sa 24:6
p Ps 40:8, Ps 119:97
q 1Kr 16:22, Ps 20:6, Ps 105:15
r Le 19:18, Spr 24:29, Ro 12:17

Tweede kol.

a 1Sa 24:4
b Ge 2:21, Ge 15:12
c 1Sa 14:50, 1Sa 17:55, 2Sa 2:8, 2Sa 3:8
d 1Sa 26:8
e 1Sa 14:45
f 2Sa 12:5, 2Sa 19:28
g 1Sa 9:16, 1Sa 10:1
h 1Sa 14:16
i 1Sa 26:11, 1Kn 19:6
j 1Sa 24:8, 1Sa 24:16
k Ps 35:7, Ps 69:4
l 1Sa 24:9, 1Sa 24:11, Ps 7:3, Joh 10:32, Joh 18:23
m Le 19:5, 2Sa 24:25
n 1Sa 24:9
o Spr 30:10

sodat ek my nie verbonde voel
aan die erfdeel van Jehovah[a]
nie, want hulle sê: 'Gaan, dien
ander gode!'[b] **20** En moet nou
nie my bloed voor die aangesig
van Jehovah op die aarde laat
val nie;[c] want die koning van Is-
rael het uitgetrek om 'n enkele
vlooi te soek,[d] net soos iemand
'n patrys op die berge agterna-
sit."[e]

**21** Hierop het Saul gesê: "Ek
het gesondig.[f] Kom terug, my
seun Dawid, want ek sal jou nie
meer kwaad aandoen nie, om-
dat my siel vandag in jou oë kos-
baar was.[g] Kyk! Ek het dwaas
opgetree en my grootliks ver-
gis." **22** Toe het Dawid geant-
woord en gesê: "Hier is die
spies van die koning, en laat
een van die jong manne oorkom
en dit kom haal. **23** En Jeho-
vah sal elkeen volgens sy reg-
verdigheid[h] en sy getrouheid
beloon, deurdat Jehovah u van-
dag in my hand gegee het en ek
my hand nie teen die gesalfde
van Jehovah[i] wou uitsteek nie.
**24** En kyk! net soos u siel van-
dag in my oë groot was, mag
my siel so in die oë van Jeho-
vah groot wees,[j] sodat hy my
uit alle benoudheid sal verlos."[k]
**25** Hierop het Saul vir Dawid
gesê: "Mag jy geseënd wees, my
seun Dawid. Jy sal nie net vir
seker werk nie, maar jy sal ook
vir seker oorwin."[l] En Dawid
het verder gegaan; en wat Saul
betref, hy het na sy plek terug-
gekeer.[m]

**27** Dawid het egter in sy
hart gesê: "Nou sal ek
eendag deur Saul se hand weg-
gevee word. Daar is vir my niks
beters as om vir seker na die
land van die Filistyne[n] te ont-
snap[o] nie; en Saul sal aangaan-
de my die hoop opgee om my
langer in die hele gebied van Is-
rael te soek,[a] en ek sal beslis uit
sy hand ontkom." **2** Toe het
Dawid opgestaan, en hy en ses-
honderd man[b] wat by hom was,
het oorgetrek na Agis,[c] die
seun van Maog, die koning van
Gat. **3** En Dawid het by Agis
in Gat gebly, hy en sy manne,
elkeen met sy huisgesin,[d] Da-
wid en sy twee vrouens, Ahi'-
noam,[e] die Jisreëlitiese vrou,
en Abi'gail,[f] Nabal se vrou, die
Karmelitiese vrou. **4** Na ver-
loop van tyd het Saul berig ont-
vang dat Dawid na Gat gevlug
het, en daarom het hy hom nie
weer gaan soek nie.[g]

**5** Toe het Dawid vir Agis ge-
sê: "As ek dan nou guns in u oë
gevind het, laat hulle aan my 'n
plek in een van die stede van
die buitedistrikte gee, sodat ek
daar kan woon; want waarom
sou u kneg saam met u in die
koninklike stad woon?" **6** Toe
het Agis op dié dag Siklag[h] aan
hom gegee. Daarom het Siklag
aan die konings van Juda be-
hoort tot vandag toe.

**7** En die getal dae dat Dawid
in die buitedistrikte van die Fi-
listyne gewoon het, was 'n jaar
en vier maande.[i] **8** En Dawid
het met sy manne opgetrek om
by die Gesuriete[j] en die Girsie-
te en die Amalekiete[k] invalle te
doen; want hulle het die land
bewoon wat van Telam[l] tot by
Sur[m] en verder tot by Egipte-
land gestrek het. **9** En Dawid
het die land verslaan, maar hy
het nie man of vrou laat lewe
nie;[n] en hy het kleinvee en bees-
te en esels en kamele en kle-
re geneem, waarna hy terugge-
keer en by Agis gekom het.
**10** Toe het Agis gesê: "Waar
het julle vandag 'n inval ge-
doen?" Hierop het Dawid gesê:[o]
"In die suide van Juda[p] en in
die suide van die Jeragmeëlie-

HFST. 26
a Eks 19:5, De 26:18, De 32:9, 2Sa 20:19, Ps 135:4
b Ro 14:13
c Jak 5:6
d 1Sa 24:14
e Klg 3:52
f Eks 9:27, 1Sa 15:24, 1Sa 24:17, Mt 27:4
g 1Sa 24:10, 1Sa 26:11
h 1Kn 8:32, Ps 7:8, Ps 18:20, Ps 28:4
i 1Sa 24:6, 1Sa 26:9
j Ps 18:25, Mt 5:7, Mt 7:2
k Ge 48:16, Ps 34:19, 2Pe 2:9
l 1Sa 24:19, Jes 54:17
m Ge 18:33, Nu 24:25, 1Sa 24:22, 1Sa 27:4, 2Sa 19:39

HFST. 27
n 1Sa 28:1, 1Sa 29:2
o 1Sa 19:18, 1Sa 22:1, 1Sa 22:5

Tweede kol.
a 1Sa 18:29, 1Sa 23:23
b 1Sa 25:13, 1Sa 30:9
c 1Sa 21:10, 1Sa 27:12
d 1Ti 5:8
e 1Sa 25:43
f 1Sa 25:39, 1Sa 25:42
g 1Sa 23:14, 1Sa 26:25
h Jos 19:5, 1Sa 30:1, 2Sa 1:1, 1Kr 4:30, 1Kr 12:1, 1Kr 12:20, Ne 11:28
i 1Sa 29:3
j Jos 13:2
k Ge 36:12, Eks 17:8, Eks 17:14, Nu 13:29, 1Sa 15:2, 2Sa 1:1, 1Kr 4:43
l 1Sa 15:4
m Ge 25:18, Eks 15:22
n De 25:19, 1Sa 15:3
o Mt 10:16
p Jos 15:2

te[a] en in die suide van die Ke-
niete."[b] **11** Wat man en vrou
betref, Dawid het nie een laat
lewe om hulle na Gat te bring
nie, want hy het gesê: "Sodat
hulle ons nie verklik en sê: 'So
het Dawid gedoen' nie."[c] (En
dit was sy handelswyse al die
dae dat hy in die buitedistrikte
van die Filistyne gewoon het.)
**12** Gevolglik het Agis Dawid
geglo[d] en by homself gesê: "Hy
het ongetwyfeld 'n stank onder
sy volk Israel geword;[e] en hy
sal tot onbepaalde tyd my kneg
moet word."

**28** En in dié dae het die Fi-
listyne hulle leërkampe
begin bymekaarbring om teen
Israel oorlog te voer.[f] Toe het
Agis vir Dawid gesê: "Jy weet
ongetwyfeld dat jy saam met
my in die kamp moet uittrek,
jy en jou manne."[g] **2** Daarop
het Dawid vir Agis gesê: "Daar-
om weet u self wat u kneg moet
doen." Toe het Agis vir Dawid
gesê: "Daarom sal ek jou vir al-
tyd as bewaker van my kop aan-
stel."[h]

**3** En Samuel het gesterf, en
die hele Israel het oor hom ge-
weeklaag en hom in Rama, sy
eie stad, begrawe.[i] Wat Saul be-
tref, hy het die geestemediums
en die beroepsvoorspellers van
gebeure uit die land verwyder.[j]

**4** Daarna het die Filistyne
bymekaargekom en in Sunem[k]
kom kamp opslaan. En Saul
het die hele Israel bymekaarge-
bring, en hulle het in Gilbo'a[l]
kamp opgeslaan. **5** Toe Saul
die kamp van die Filistyne sien,
het hy bang geword, en sy hart
het baie begin bewe.[m] **6** Hoe-
wel Saul Jehovah geraadpleeg
het,[n] het Jehovah hom nooit ge-
antwoord nie,[o] nie deur drome[p]
of deur die Urim[q] of deur die
profete nie.[r] **7** Uiteindelik het
Saul vir sy knegte gesê: "Soek
vir my 'n vrou wat 'n meesteres
van geestemediumskap[a] is, en
ek sal na haar toe gaan en haar
raadpleeg." Toe het sy knegte
vir hom gesê: "Kyk! In En-Dor[b]
is daar 'n vrou wat 'n meesteres
van geestemediumskap is."

**8** Toe het Saul hom vermom[c]
en ander klere aangetrek en ge-
gaan, hy en twee manne saam
met hom; en hulle het in die
nag by die vrou gekom.[d] Hy het
toe gesê: "Maak asseblief vir my
van waarsêery gebruik[e] deur
middel van geestemediumskap
en laat vir my die een opkom
wat ek jou sal aanwys." **9** Die
vrou het egter vir hom gesê:
"Kyk, jy weet self goed wat
Saul gedoen het, hoe hy die
geestemediums en die beroeps-
voorspellers van gebeure uit
die land uitgeroei het.[f] Waarom
span jy dan vir my siel 'n strik
om my te laat doodmaak?"[g]
**10** Onmiddellik het Saul vir
haar by Jehovah gesweer en ge-
sê: "So waar as Jehovah lewe,[h]
in hierdie saak sal daar geen
skuld vir oortreding oor jou
kom nie!" **11** Toe het die vrou
gesê: "Wie sal ek vir jou laat
opkom?" Hierop het hy gesê:
"Laat Samuel vir my opkom."[i]
**12** Toe die vrou "Samuel" sien,[j]
het sy so hard soos sy kon be-
gin skreeu; en die vrou het vir
Saul gesê: "Waarom het u my
bedrieg, terwyl u self Saul is?"
**13** Maar die koning het vir haar
gesê: "Moenie bang wees nie,
maar wat het jy gesien?" En
die vrou het vir Saul gesê: "Ek
het 'n god[k] uit die aarde sien
opkom." **14** Dadelik het hy vir
haar gesê: "Hoe is sy gestalte?"
waarop sy gesê het: "Dit is 'n
ou man wat opkom, en hy het 'n
moulose oorkleed aan."[l] Daarop
het Saul besef dat dit "Samuel"

HFST. 27

a 1Kr 2:9
b Nu 24:21; 1Sa 15:6
c Spr 22:3
d Spr 14:15
e Ge 34:30; 1Sa 13:4

HFST. 28

f Rig 3:2; 1Sa 14:52
g 1Sa 27:12; 1Sa 29:3
h 1Sa 29:2
i 1Sa 25:1; Jes 57:1
j Eks 22:18; Le 19:31; Le 20:6; Le 20:27; De 18:11; Op 21:8
k Jos 19:18; 1Kn 1:3; 2Kn 4:8; Hgl 6:13
l 1Sa 31:1; 2Sa 1:21; 2Sa 21:12
m De 28:20; 1Sa 28:20; Spr 10:24; Jes 57:21
n 1Sa 14:37; 1Kr 10:14
o Spr 1:28; Spr 28:9; Jes 1:15; Ese 20:3; Mi 3:4
p Nu 12:6; Mt 1:20
q Eks 28:30; Nu 27:21; De 33:8
r Ps 74:9; Klg 2:9

Tweede kol.

a Eks 22:18; Le 19:31; Le 20:6; 1Sa 15:23; 1Sa 28:3; Jes 8:19; Heb 3:12
b Jos 17:11; Ps 83:10
c 1Kn 14:2; 1Kn 22:30
d 1Sa 28:25
e De 18:10; 1Kr 10:13; Jes 8:19
f 1Sa 28:3
g Eks 22:18; Le 20:27
h 1Sa 14:39; Jes 48:1; Jer 44:26
i Ro 1:28
j 1Sa 28:3; Ps 146:4; Pr 9:5; 2Ko 4:4; 2Ko 11:14
k Ps 82:6; Joh 10:34
l 1Sa 15:27

was,[a] en hy het laag gebuig met
sy gesig na die aarde en hom
neergewerp.
**15** En "Samuel" het vir Saul
begin sê: "Waarom het jy my ge-
steur deur my te laat opkom?"[b]
Hierop het Saul gesê: "Ek ver-
keer in groot nood,[c] aangesien
die Filistyne teen my veg, en
God self het van my gewyk[d] en
het my nie meer geantwoord
nie, nie deur die profete of deur
drome nie;[e] sodat ek u roep om
aan my bekend te maak wat ek
moet doen."[f]
**16** En "Samuel" het gesê:
"Waarom raadpleeg jy my dan,
terwyl Jehovah van jou gewyk
het[g] en jou teenstander is?[h]
**17** En Jehovah sal vir hom-
self doen net soos hy deur mid-
del van my gespreek het, en
Jehovah sal die koninkryk uit
jou hand skeur[i] en dit aan jou
medemens, aan Dawid, gee.[j]
**18** Omdat jy die stem van Je-
hovah nie gehoorsaam het[k] en
sy brandende toorn teen A′ma-
lek nie voltrek het nie,[l] daarom
sal Jehovah vandag beslis hier-
die ding aan jou doen. **19** En
Jehovah sal ook Israel saam
met jou in die hand van die Fi-
listyne gee,[m] en môre sal jy[n]
en jou seuns[o] by my wees. Selfs
die kamp van Israel sal Jeho-
vah in die hand van die Filisty-
ne gee."[p]
**20** Daarop het Saul meteens
in sy volle lengte op die grond
neergeval en baie bang geword
weens "Samuel" se woorde. Ook
was daar geen krag in hom nie,
omdat hy die hele dag en die
hele nag nie voedsel geëet het
nie. **21** Die vrou het toe na
Saul toe gekom en gesien dat
hy baie ontsteld was. En sy het
vir hom gesê: "Kyk, u diens-
meisie het u stem gehoorsaam,
en ek het my siel in my palm
geplaas[a] en die woorde gehoor-
saam wat u met my gespreek
het. **22** En nou moet u weer
asseblief die stem van u diens-
meisie gehoorsaam; en laat ek u
'n stukkie brood voorsit, en
eet, sodat daar krag in u kan
wees, omdat u verder sal gaan."
**23** Maar hy het geweier en ge-
sê: "Ek sal nie eet nie." Sy kneg-
te en ook die vrou het egter by
hom bly aandring. Uiteindelik
het hy hulle stem gehoorsaam
en van die grond af opgestaan
en op die slaapbank gaan sit.
**24** En die vrou het 'n vetge-
maakte kalf[b] in die huis gehad.
Toe het sy dit gou geslag[c] en
meel geneem en deeg geknie en
daarvan ongesuurde koeke ge-
bak. **25** Daarop het sy dit vir
Saul en sy knegte opgedien, en
hulle het geëet. Daarna het hul-
le opgestaan en gedurende die-
selfde nag weggegaan.[d]

**29** En die Filistyne[e] het al
hulle kampe by Afek by-
mekaargebring, terwyl die Is-
raeliete kamp opgeslaan het by
die fontein wat in Jis′reël[f] was.
**2** En die spilvorste[g] van die Fi-
listyne het by honderde en by
duisende verbygetrek, en Da-
wid en sy manne het daarna
saam met Agis verbygetrek.[h]
**3** En die vorste van die Filisty-
ne het begin sê: "Wat beteken
hierdie Hebreërs?"[i] Hierop het
Agis vir die vorste van die Fi-
listyne gesê: "Is dit nie Dawid,
die kneg van Saul, die koning
van Israel nie, wat al 'n jaar
of twee hier by my is,[j] en van
die dag af dat hy na my toe
oorgeloop het tot vandag toe
het ek hoegenaamd niks in hom
gevind nie?"[k] **4** En die vors-
te van die Filistyne het veront-
waardig geraak teenoor hom;
en die vorste van die Filistyne
het vir hom gesê: "Laat die man

**HFST. 28**
a 2Te 2:10; 2Te 2:11
b 2Sa 12:23; Ps 115:17; Ps 146:4; Pr 9:5; Pr 9:10
c Spr 14:14; Jer 2:17; Ga 6:7
d 1Sa 15:23
e 1Sa 28:6
f Le 19:31
g 1Sa 15:23; 1Sa 16:14; 2Kn 6:27
h De 28:15
i 1Sa 13:14; 1Sa 15:28
j 1Sa 16:13; 1Sa 24:20
k 1Sa 13:11; 1Kr 10:13
l 1Sa 15:9; Jer 48:10
m 1Sa 12:25; 1Sa 28:1; 1Sa 31:1
n 1Sa 31:5
o 1Sa 31:2; 2Sa 2:8
p 1Sa 31:7

**Tweede kol.**
a Le 20:27; Rig 12:3; 1Sa 19:5; Job 13:14
b Ge 18:7; Lu 15:23
c De 12:15
d 1Sa 28:8

**HFST. 29**
e 1Sa 28:1
f Jos 19:18; 1Sa 29:11; 2Sa 4:4
g Jos 13:3; Rig 3:3; 1Sa 5:8
h 1Sa 28:2
i 1Sa 13:19; 2Ko 11:22
j 1Sa 27:7
k 1Sa 27:12; Spr 14:15

teruggaan,[a] en laat hom terug-
gaan na sy plek wat jy aan hom
toegewys het; en moet hom nie
saam met ons in die geveg laat
aftrek nie, sodat hy nie vir ons
'n teenstander[b] in die geveg sal
word nie. En waarmee sou hier-
die man hom in die guns van sy
heer stel? Is dit nie met die kop-
pe van hierdie manne van ons
nie? **5** Is dit nie Dawid nie,
van wie hulle in die danse in
wisselsang bly sê het: 'Saul het
sy duisende verslaan, en Dawid
sy tienduisende'?"[c]
**6** Gevolglik het Agis[d] Dawid
geroep en vir hom gesê: "So
waar as Jehovah lewe,[e] jy is reg-
skape, en jou uitgang en jou in-
gang[f] saam met my in die kamp
was goed in my oë;[g] want van
die dag af dat jy na my toe ge-
kom het tot vandag toe het ek
nie kwaad in jou gevind nie.[h]
Maar in die oë van die spilvors-
te[i] is jy nie goed nie. **7** En
keer dan nou terug en gaan in
vrede, sodat jy niks slegs sal
doen in die oë van die spilvorste
van die Filistyne nie." **8** Da-
wid het egter vir Agis gesê:
"Waarom, wat het ek gedoen,[j]
en wat het u in u kneg ge-
vind van die dag af dat ek voor
u gekom het tot vandag toe,[k]
dat ek nie moet kom en teen
die vyande van my heer die ko-
ning moet veg nie?" **9** Hierop
het Agis geantwoord en vir Da-
wid gesê: "Ek weet goed dat jy
in my oë goed was, soos 'n engel
van God.[l] Maar die vorste van
die Filistyne het gesê: 'Laat hy
nie saam met ons in die geveg
optrek nie.' **10** En staan dan
nou môreoggend vroeg op saam
met die knegte van jou heer wat
saam met jou gekom het; en jul-
le moet môreoggend vroeg op-
staan wanneer dit vir julle lig
geword het. Gaan dan."[m]

**11** Toe het Dawid vroeg op-
gestaan, hy en sy manne, om in
die oggend te gaan[a] en na die
land van die Filistyne terug te
keer; en die Filistyne het na
Jis′reël[b] opgetrek.

**30** En terwyl Dawid en sy
manne op die derde dag
na Siklag[c] gekom het, het die
Amalekiete[d] in die suide en
in Siklag 'n inval gedoen; en
hulle het Siklag verslaan en dit
met vuur verbrand **2** en die
vroue[e] en alles wat daarin was,
gevange weggevoer, van die
kleinste tot die grootste. Hulle
het niemand doodgemaak nie,
maar hulle het hulle voortge-
dryf en verder gegaan. **3** Toe
Dawid met sy manne by die
stad kom, kyk, toe was dit met
vuur verbrand, en hulle vrou-
ens en hulle seuns en hulle dog-
ters was gevange weggevoer.
**4** En Dawid en die manskappe
wat by hom was, het hulle stem
begin verhef en gehuil,[f] totdat
daar geen krag in hulle was om
meer te huil nie. **5** En Dawid
se twee vrouens was gevange
weggevoer, Ahi′noam,[g] die Jis-
reëlitiese vrou, en Abi′gail,[h] die
vrou van Nabal, die Karme-
liet. **6** En Dawid het baie be-
noud geraak,[i] omdat die man-
skappe gesê het dat hy gestenig
moet word;[j] want die siel van
al die manskappe het verbitterd
geword,[k] elkeen weens sy seuns
en sy dogters. Toe het Dawid
hom begin versterk deur middel
van Jehovah sy God.[l]
**7** Dawid het derhalwe vir die
priester Abja′tar,[m] die seun van
Ahime′leg, gesê: "Bring asse-
blief die efod[n] hier na my toe."
En Abja′tar het die efod na Da-
wid toe gebring. **8** En Dawid
het Jehovah begin raadpleeg[o]
en gesê: "Sal ek hierdie rower-
bende agternasit? Sal ek hulle
inhaal?" Hierop het hy vir hom

HFST. 29
a 1Kr 12:19
b 1Sa 14:21
c 1Sa 18:7; 1Sa 21:11
d 1Sa 21:10; 1Sa 27:2
e 1Sa 20:21; Jer 12:16
f Nu 27:17; Ps 121:8
g 1Sa 28:2
h 1Sa 27:11; 1Sa 27:12; 1Sa 29:3; Mt 10:16
i 1Sa 29:2
j 1Sa 27:11
k 1Sa 28:2
l 1Sa 27:12; 2Sa 14:17; 2Sa 14:20; 2Sa 19:27; Spr 14:35; Ga 4:14
m Ps 37:23; Spr 16:9; Spr 21:1; Jer 10:23; 2Pe 2:9

Tweede kol.
a Ps 91:11; Ps 119:133
b Jos 19:18; 1Sa 29:1; 2Sa 4:4

HFST. 30
c Jos 15:31; 1Sa 27:6
d Ge 36:12; Eks 17:14; 1Sa 15:2; 1Sa 27:8
e Rig 5:30; 1Sa 27:3
f Rig 21:2
g 1Sa 25:43; 2Sa 2:2
h 1Sa 25:42; 1Sa 27:3
i Ps 25:17; Ps 116:3
j Eks 17:4; Nu 14:10
k Rig 18:25; 1Sa 22:2; 2Sa 17:8; 2Kn 4:27
l Ps 18:6; Ps 27:1; Ps 31:1; Ps 31:9; Ps 34:19; Ps 43:5; Ps 56:4; Ps 143:5; Spr 18:10; Hab 3:18; Lu 22:43
m 1Sa 22:20; 1Kn 2:26
n 1Sa 23:9
o Nu 27:21; Rig 18:5; Rig 20:28; 1Sa 23:2; 1Sa 23:11; 1Sa 28:6; Spr 3:5

gesê:[a] "Sit hulle agterna, want
jy sal hulle vir seker inhaal, en
jy sal vir seker 'n verlossing be-
werkstellig."[b]
**9** Dadelik het Dawid vertrek,
hy en die seshonderd man[c] wat
by hom was, en hulle het tot
by die Besorstroomvallei ge-
trek, en die manne wat agterge-
laat moes word, het daar gebly.
**10** En Dawid het die agtervol-
ging voortgesit,[d] hy en vierhon-
derd man, maar tweehonderd
man wat te moeg was om oor die
Besorstroomvallei te trek,[e] het
daar gebly.
**11** En hulle het 'n man, 'n
Egiptenaar,[f] in die veld gevind.
Toe het hulle hom na Dawid toe
geneem en aan hom brood ge-
gee om te eet en aan hom water
gegee om te drink. **12** Verder
het hulle aan hom 'n skyf van
'n koek van saamgeperste vye
en twee rosynekoeke gegee.[g]
Toe het hy geëet, en sy gees[h]
het in hom teruggekeer; want
hy het drie dae en drie nagte
nie brood geëet of water ge-
drink nie. **13** Dawid het toe
vir hom gesê: "Aan wie be-
hoort jy, en waar kom jy van-
daan?" waarop hy gesê het:
"Ek is 'n Egiptiese dienaar, 'n
slaaf van 'n Amalekitiese man,
maar my heer het my agter-
gelaat omdat ek drie dae ge-
lede siek geword het.[i] **14** Ons
het 'n inval gedoen in die sui-
de van die Keretiete[j] en in wat
aan Juda behoort en in die sui-
de van Kaleb;[k] en ons het Siklag
met vuur verbrand." **15** Hier-
op het Dawid vir hom gesê: "Sal
jy my na hierdie rowerbende
toe afneem?" Toe het hy gesê:
"Sweer tog[l] vir my by God dat
u my nie sal doodmaak nie, en
dat u my nie in die hand van my
heer sal oorlewer nie,[m] en ek sal
u na hierdie rowerbende toe af-
neem."

**16** En hy het hom afgeneem,[a]
en kyk, hulle was wanordelik
oor die oppervlak van die hele
land versprei terwyl hulle geëet
en gedrink en feesgevier het[b]
weens die hele groot buit wat
hulle uit die land van die Fili-
styne en die land van Juda ge-
neem het.[c] **17** En Dawid het
hulle van die oggendskemering
tot die aand verslaan, sodat hy
hulle aan vernietiging kon oor-
gee; en niemand van hulle het
ontkom nie,[d] behalwe vierhon-
derd jong manne wat op kame-
le gery en gevlug het. **18** En
Dawid het alles bevry wat die
Amalekiete geneem het,[e] en
Dawid het sy twee vrouens be-
vry. **19** En niks van hulle het
ontbreek nie, van die kleinste
tot die grootste, seuns of dog-
ters, of van die buit, ja, van al-
les wat hulle vir hulle geneem
het.[f] Dawid het alles terugge-
kry. **20** Dawid het ook al die
kleinvee en die beeste geneem,
wat hulle voor daardie ander
vee gedryf het. Toe het hulle ge-
sê: "Dit is Dawid se buit."[g]
**21** Eindelik het Dawid by die
tweehonderd man gekom[h] wat
te moeg was om saam met Da-
wid te gaan en wat hulle by die
Besorstroomvallei laat bly het;
en hulle het Dawid en die man-
skappe wat by hom was, te-
gemoetgekom. Toe Dawid naby
die manskappe kom, het hy
hulle begin vra hoe dit met hul-
le gaan. **22** Maar elke slegte
man en deugniet[i] uit die man-
ne wat saam met Dawid ge-
gaan het, het geantwoord en
bly sê: "Omdat hulle nie saam
met ons gegaan het nie, sal
ons aan hulle niks van die buit
gee wat ons bevry het nie, be-
halwe aan elkeen sy vrou en sy
seuns, en laat hulle hulle weglei
en gaan." **23** Maar Dawid het

**HFST. 30**
a 1Sa 14:37; Ps 28:6
b 1Sa 30:18; Ps 34:19; Spr 11:8; Spr 24:16
c 1Sa 23:13; 1Sa 27:2
d Rig 8:4
e 1Sa 30:21
f De 23:7
g 1Sa 25:18
h Rig 15:19
i Spr 12:10
j 2Sa 8:18; 1Kn 1:38; 1Kr 18:17; Ese 25:16; Sef 2:5
k Jos 14:13; Jos 21:12
l De 6:13; Jos 2:12; Jos 9:15
m De 23:15; De 23:16

**Tweede kol.**
a Rig 1:25
b Da 5:1; Lu 12:19
c Jos 15:1; Job 20:5
d Eks 17:14; Ps 73:19
e 1Sa 30:3
f 1Sa 30:8; Ps 34:19
g Nu 31:9; 2Kr 20:25
h 1Sa 30:10
i 1Sa 10:27; Na 1:15

gesê: “Julle mag nie so maak
met wat Jehovah aan ons gegee
het nie,[a] my broers, deurdat hy
ons bewaar het[b] en die rower-
bende wat teen ons gekom het,
in ons hand gegee het.[c] **24** En
wie sal na julle luister wat hier-
die woord betref? Want soos die
deel van die een wat in die ge-
veg afgetrek het, so sal die deel
wees van die een wat by die ba-
gasie gebly het.[d] Almal sal saam
’n deel hê.”[e] **25** En van dié
dag af het hy dit as ’n voorskrif
en ’n regterlike beslissing[f] vir
Israel gestel tot vandag toe.

**26** Toe Dawid by Siklag kom,
het hy van die buit aan die
ouer manne van Juda, sy vrien-
de,[g] gestuur en gesê: “Hier is
vir julle ’n seëngeskenk[h] uit die
buit van Jehovah se vyande.”
**27** Aan dié wat in Bet-El[i] was
en aan dié in Ramot[j] in die sui-
de en aan dié in Jattir[k] **28** en
aan dié in A′roër en aan dié in
Sifmot en aan dié in Estemo′a[l]
**29** en aan dié in Ragal en aan
dié in die stede van die Jerag-
meëliete[m] en aan dié in die
stede van die Keniete[n] **30** en
aan dié in Horma[o] en aan dié
in Bor-Asan[p] en aan dié in Atag
**31** en aan dié in Hebron[q] en na
al die plekke waar Dawid rond-
getrek het, hy en sy manne.

**31** En die Filistyne het teen
Israel geveg,[r] en die
manne van Israel het voor die
Filistyne gevlug, en hulle het as
gesneuweldes op die berg Gil-
bo′a[s] bly val.[t] **2** En die Fili-
styne het kort agter Saul en
sy seuns gebly; en die Filistyne
het Jo′natan[u] en Abina′dab[v] en
Malkisua,[w] Saul se seuns, uit-
eindelik doodgemaak. **3** En
die geveg het hewig geword
teen Saul, en die skutters, die
boogskutters, het hom uitein-
delik gevind, en hy is swaar
gewond deur die skutters.[a]
**4** Toe het Saul vir sy wapen-
draer gesê: “Trek jou swaard[b]
en deurboor my daarmee, sodat
hierdie onbesnede[c] manne nie
kom en my beslis deurboor en
my smadelik behandel nie.” En
sy wapendraer wou nie,[d] om-
dat hy baie bang was. Daar-
op het Saul die swaard ge-
neem en daarop geval.[e] **5** Toe
sy wapendraer sien dat Saul ge-
sterf het,[f] het ook hy op sy eie
swaard geval en saam met hom
gesterf.[g] **6** So het Saul en sy
drie seuns en sy wapendraer,
ja, al sy manne, saam op dié
dag gesterf.[h] **7** Toe die manne
van Israel wat in die streek van
die laagvlakte was en wat in
die streek van die Jordaan was,
sien dat die manne van Israel
gevlug het, en dat Saul en sy
seuns gesterf het, het hulle die
stede begin verlaat en gevlug,[i]
waarna die Filistyne gekom en
daarin gaan woon het.[j]

**8** En die volgende dag, toe
die Filistyne kom om die ge-
sneuweldes te stroop,[k] het hul-
le Saul en sy drie seuns ge-
vind waar hulle op die berg
Gilbo′a geval het.[l] **9** En hul-
le het sy kop afgekap[m] en sy
wapenrusting uitgetrek en het
oral in die land van die Fili-
styne gestuur om die huise van
hulle afgode[n] en die volk in te
lig.[o] **10** Uiteindelik het hulle
sy wapenrusting[p] in die huis
van die Asto′ret-beelde[q] gesit,
en sy lyk het hulle aan die
muur van Bet-San[r] vasgemaak.
**11** En wat hom betref, die in-
woners van Ja′bes-Gi′lead[s] het
gehoor wat die Filistyne aan

HFST. 30
a 1Kr 29:12; Ps 33:16
b Nu 31:49
c 1Sa 30:8; Ps 44:3
d 1Sa 10:22; 1Sa 17:22; 1Sa 25:13; 1Sa 30:10
e Nu 31:27; Jos 22:8; Ps 68:12; 1Ti 6:18
f Nu 27:11
g Jes 32:8
h Ge 33:11; 2Kn 5:15; Spr 11:24; Spr 18:16; Han 20:35
i Jos 19:4
j Jos 19:8
k Jos 15:48; Jos 21:14
l Jos 15:50; Jos 21:14
m 1Sa 27:10; 1Kr 2:9; 1Kr 2:26
n Rig 1:16; 1Sa 15:6
o Jos 19:4; Rig 1:17
p Jos 19:7
q Jos 14:13; 2Sa 2:1

HFST. 31
r 1Sa 14:52; 1Sa 29:1
s 1Sa 28:4; 2Sa 1:21
t 1Sa 12:25; 1Kr 10:1
u 1Sa 13:2
v 1Kr 8:33
w 1Kr 9:39

Tweede kol.
a 2Sa 1:4; 2Sa 1:6
b Rig 9:54; 1Kr 10:4
c 1Sa 14:6; 1Sa 17:26; 2Sa 1:20; Ese 44:7
d 1Sa 22:17; 2Sa 1:14; Ps 105:15
e Eks 20:13; 2Sa 17:23; 1Kn 16:18; 1Kr 10:4; Mt 27:5
f 1Sa 26:10; 1Kr 10:13; Ho 13:11
g 1Kr 10:5
h 1Sa 28:19; 1Kr 10:6
i De 28:25; 1Sa 13:6
j Nu 33:56; De 28:33; 1Kr 10:7
k 1Kr 10:8; 2Kr 20:25

l 1Sa 28:4; 1Sa 31:1; 2Sa 1:6; 2Sa 21:12; m 1Sa 17:51; 1Kr 10:9; n Rig 16:23; o 2Sa 1:20; p 1Sa 21:9; 1Kr 10:10; q Rig 2:13; r Jos 17:11; Rig 1:27; 2Sa 21:12; s 1Sa 11:1; 2Sa 2:4; 2Sa 21:12; 1Kr 10:11.

Saul gedoen het. **12** Onmid-
dellik het al die dapper manne
opgestaan en die hele nag deur
getrek en die lyk van Saul en
die lyke van sy seuns van die
muur van Bet-San afgehaal en
by Jabes gekom en hulle daar
verbrand.[a] **13** Toe het hulle
hulle beendere[b] geneem en dit
onder die tamariskboom[c] in Ja-
bes begrawe,[d] en hulle het sewe
dae lank gevas.[e]

Tweede kol.

HFST. 31
a Am 6:10
b 2Sa 21:12
c Ge 21:33
1Sa 22:6
1Kr 10:12

d Ge 35:8; 2Sa 2:5; e Ge 50:10.

DIE TWEEDE BOEK VAN

# SAMUEL

of, volgens die Griekse *Septuagint,*
DIE TWEEDE BOEK VAN KONINGS

**1** En ná Saul se dood, en toe
Dawid teruggekeer het na-
dat hy die Amalekiete verslaan
het,[a] het Dawid twee dae in Sik-
lag[b] gebly. **2** En op die derde
dag, kyk! toe het daar ’n man[c]
uit die kamp gekom, van Saul
af, met geskeurde klere[d] en
grond op sy kop;[e] en toe hy by
Dawid kom, het hy dadelik op
die grond geval[f] en hom neerge-
werp.

**3** En Dawid het vir hom ge-
sê: “Waar kom jy vandaan?”
waarop hy vir hom gesê het:
“Ek het uit die kamp van Israel
ontvlug.” **4** En Dawid het
verder vir hom gesê: “Hoe het
die saak afgeloop? Vertel my as-
seblief.” Hierop het hy gesê:
“Die manskappe het uit die ge-
veg gevlug, en ook het baie van
die manskappe geval sodat hul-
le gesterf het,[g] en selfs Saul[h] en
sy seun Jo′natan[i] het gesterf.”
**5** Toe het Dawid vir die jong
man wat hom dit vertel het, ge-
sê: “Hoe weet jy nou eintlik dat
Saul en ook sy seun Jo′natan ge-
sterf het?”[j] **6** Hierop het die
jong man wat hom dit vertel
het, gesê: “Ek was toevallig op
die berg Gilbo′a,[k] en daar het
Saul op sy spies geleun;[l] en kyk!
die strydwadrywers en die per-
deruiters het hom ingehaal.[a]
**7** Toe hy omdraai en my sien,
het hy my geroep, en ek het ge-
sê: ‘Hier is ek!’ **8** En hy het
vir my gesê: ‘Wie is jy?’ waar-
op ek vir hom gesê het: ‘Ek is
’n Amalekiet.’[b] **9** Toe het hy
gesê: ‘Kom staan asseblief oor
my en maak my vir seker dood,
want die kramp het my oorval,
omdat my siel[c] nog heeltemal in
my is.’ **10** Daarop het ek oor
hom gaan staan en hom vir se-
ker doodgemaak,[d] want ek het
geweet dat hy nie kon lewe na-
dat hy geval het nie. Toe het
ek die kroon[e] geneem wat op sy
kop was en die armband wat om
sy arm was, sodat ek dit hier na
my heer toe kon bring.”

**11** Hierop het Dawid sy kle-
re gegryp en dit geskeur,[f] en
so het ook al die manne gedoen
wat by hom was. **12** En hulle
het begin weeklaag en huil[g] en
vas[h] tot die aand toe oor Saul
en oor sy seun Jo′natan en oor
die volk van Jehovah en oor
die huis van Israel,[i] omdat hul-
le deur die swaard geval het.

**13** Dawid het toe vir die jong
man wat hom dit vertel het,
gesê: “Waar kom jy vandaan?”
waarop hy gesê het: “Ek is die
seun van ’n inwonende vreem-

HFST. 1
a 1Sa 30:17
b 1Sa 27:6
1Sa 30:26
c 2Sa 4:10
d Ge 37:29
Nu 14:6
Jos 7:6
e 1Sa 4:12
f 1Sa 25:23
2Sa 14:4
g 1Sa 31:1
h 1Sa 31:6
1Kr 10:4
i 1Sa 31:2
1Kr 10:6
j Spr 14:15
Spr 25:2
k 1Sa 28:4
1Kr 10:1
l 1Sa 18:10
1Sa 19:9
1Sa 22:6
1Sa 26:12

Tweede kol.
a 1Sa 31:3
1Kr 10:3
b Eks 17:16
Nu 24:20
De 25:19
1Sa 15:20
1Sa 30:1
1Sa 30:18
c Ge 2:7
d 1Sa 31:4
Ps 5:6
Joh 8:44
e 2Kn 11:12
f 2Sa 3:31
2Sa 13:31
2Kr 34:27
Han 14:14
g De 34:8
h 1Sa 31:13
i 1Sa 31:1
2Sa 1:4

deling, ’n Amalekiet.”[a] 14 Toe
het Dawid vir hom gesê: “Hoe is
dit dat jy nie gevrees het[b] om
jou hand uit te steek om die ge-
salfde[c] van Jehovah om te bring
nie?” 15 Daarop het Dawid
een van die jong manne geroep
en gesê: “Gaan nader. Slaan
hom neer.” En hy het hom neer-
geslaan sodat hy gesterf het.[d]
16 Dawid het toe vir hom ge-
sê: “Mag die bloedskuld vir jou
op jou eie hoof wees,[e] omdat jou
eie mond teen jou getuig het[f]
deur te sê: ‘Ek het die gesalfde
van Jehovah vir seker doodge-
maak.’ ”[g]

17 En Dawid het hierdie
klaaglied[h] oor Saul en sy seun
Jo′natan[i] gesing 18 en gesê
dat die kinders van Juda[j] “Die
boog”[k] geleer moet word. Kyk!
Dit staan geskrywe in die boek
van Jasar:[l]

19 “Die sieraad, o Israel, lê verslaan op jou hoogtes.[m]
Hoe het die sterk manne geval!
20 MOET dit nie in Gat vertel nie;[n]
Moet dit nie in die strate van As′kelon bekend maak nie,[o]
Sodat die dogters van die Filistyne hulle nie verbly nie,
Sodat die dogters van die onbesnede manne hulle nie verheug nie.[p]
21 O berge van Gilbo′a,[q] laat daar geen dou, laat daar geen reën op julle wees nie, en laat daar ook nie velde van heilige bydraes wees nie;[r]
Want daar is die skild van sterkes besoedel,
Die skild van Saul, sodat nie een met olie gesalf is nie.[s]
22 Van die bloed van die gesneuweldes, van die vet van sterkes,
Het die boog van Jo′natan nie teruggewyk nie,[a]
En die swaard van Saul het nie sonder welslae teruggekeer nie.[b]
23 Saul en Jo′natan,[c] die beminlikes en die lieflikes gedurende hulle lewe,
En in hulle dood is hulle nie geskei nie.[d]
Vinniger as die arende was hulle,[e]
Sterker as die leeus was hulle.[f]
24 O dogters van Israel, huil oor Saul,
Wat julle in skarlaken met tooisels geklee het,
Wat goue sierade op julle klere aangebring het.[g]
25 Hoe het die sterkes in die geveg geval![h]
Jo′natan lê verslaan op jou hoogtes![i]
26 Ek is ontsteld oor jou, my broer Jo′natan,
Jy was vir my baie lieflik.[j]
Jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van vroue.[k]
27 Hoe het die sterkes geval[l]
En die oorlogswapens vergaan!”

2 En daarna het Dawid Je-
hovah geraadpleeg[m] en ge-
sê: “Sal ek na een van die stede
van Juda opgaan?” Hierop het
Jehovah vir hom gesê: “Gaan
op.” En Dawid het gesê: “Waar-
heen sal ek opgaan?” Toe het hy
gesê: “Na Hebron.”[n] 2 Daarop
het Dawid daarheen opgegaan,
en ook sy twee vroue, Ahi′no-
am,[o] die Jisreëlitiese vrou, en
Abi′gail,[p] die vrou van Nabal,

HFST. 1
a 2Sa 1:8
b Nu 12:8; 1Sa 31:4
c 1Sa 24:6; 1Sa 26:9; Ps 105:15
d 2Sa 4:10; 1Kn 2:25
e Jos 2:19; Rig 9:24; 2Sa 4:11; 1Kn 2:37; Ese 18:13; Han 18:6
f Spr 19:5; Spr 21:28
g 2Sa 1:10
h 2Sa 3:33; 2Kr 35:25
i 1Sa 31:6
j Ge 49:8; 1Sa 30:26
k 1Sa 20:36; 1Sa 31:3; 2Sa 1:22
l Jos 10:13
m 1Sa 31:8; Klg 2:1
n De 32:27; 1Sa 31:9
o Jos 13:3; Rig 16:23; 1Sa 6:17
p De 28:37
q 1Sa 31:1; 1Kr 10:1
r Le 27:16
s Jes 21:5

Tweede kol.
a 1Sa 18:4; 1Sa 20:20
b 1Sa 14:47
c 1Sa 18:1
d 1Sa 31:6; 1Kr 10:6
e Job 9:26; Jer 4:13; Klg 4:19; Hab 1:8
f Rig 14:18; Spr 30:30
g Ge 24:53
h 2Sa 1:19
i 1Sa 31:8; 2Sa 1:19
j 1Sa 18:1
k Rut 1:17; 1Sa 18:3; 1Sa 19:2; 1Sa 20:17; 1Sa 20:41; 1Sa 23:16; Spr 17:17; Spr 18:24
l 2Sa 1:19

HFST. 2
m Nu 27:21; Rig 1:1; 1Sa 28:6; 1Sa 30:8

n Ge 23:2; Nu 13:22; Jos 14:14; Jos 20:7; Jos 21:11; Jos 21:12; 1Sa 30:31; 2Sa 5:1; 1Kn 2:11; o 1Sa 25:43; 1Sa 30:5; p 1Sa 25:42.

die Karmeliet. **3** En Dawid het die manne[a] wat by hom was, laat optrek, elkeen met sy huisgesin; en hulle het in die stede van die gebied van Hebron gaan woon. **4** Toe het die manne van Juda[b] gekom en Dawid daar as koning oor die huis van Juda[c] gesalf.[d]

En hulle het vir Dawid kom vertel en gesê: "Dit was die manne van Ja′bes-Gi′lead wat Saul begrawe het." **5** Dawid het derhalwe boodskappers na die manne van Ja′bes-Gi′lead[e] gestuur en vir hulle gesê: "Mag julle geseënd wees deur Jehovah,[f] omdat julle hierdie liefderyke goedhartigheid[g] teenoor julle heer, teenoor Saul, bewys het, deurdat julle hom begrawe het.[h] **6** En mag Jehovah dan nou teenoor julle liefderyke goedhartigheid[i] en trou bewys, en ook ek sal aan julle hierdie goedheid bewys omdat julle hierdie ding gedoen het.[j] **7** En laat julle hande hulle dan nou versterk en wees dapper manne,[k] want julle heer Saul is dood, en die huis van Juda het mý as koning oor hulle gesalf."[l]

**8** Wat Abner,[m] die seun van Ner, betref, die hoof van die leër wat aan Saul behoort het, hy het Is-Boset,[n] Saul se seun, geneem en hom na Mahana′im[o] oorgebring **9** en hom koning gemaak oor Gi′lead[p] en die Asuriete en Jis′reël[q] en oor E′fraim[r] en Benjamin[s] en oor die hele Israel. **10** Is-Boset, Saul se seun, was veertig jaar oud toe hy koning oor Israel geword het, en hy het twee jaar as koning geheers. Net die huis van Juda[t] was volgelinge van Dawid. **11** En die aantal dae dat Dawid in Hebron oor die huis van Juda koning was, was sewe jaar en ses maande.[u]

**HFST. 2**

a 1Sa 22:2; 1Sa 27:2; 1Kr 12:1
b Ge 49:10; 2Sa 19:11; 2Sa 19:42
c 1Sa 15:28; 2Sa 5:5; 1Kr 11:3
d 1Sa 16:13
e 1Sa 31:11
f Rut 3:10
g 1Sa 15:6; Spr 19:22; Ho 6:6; Mi 6:8
h 1Sa 31:13
i 2Sa 15:20; Ps 40:11; Ps 57:3
j 2Sa 9:7; 2Sa 10:2; Spr 11:10
k 2Sa 10:12
l Ge 49:10; 2Sa 2:4
m 1Sa 14:50; 1Sa 17:55; 1Sa 26:5; 2Sa 4:1; 1Kn 2:5; 1Kr 26:28
n 2Sa 3:7; 2Sa 4:5; 2Sa 4:12
o Ge 32:2; Jos 13:30; 2Sa 17:24
p Nu 32:1; Jos 13:11
q Jos 19:18
r Jos 16:5
s Jos 18:11
t 2Sa 2:4
u 2Sa 5:5; 1Kn 2:11; 1Kr 3:4; 1Kr 29:27

**Tweede kol.**

a 2Sa 2:8
b Jos 10:1; Jos 10:12; Jos 18:25; Jos 21:17; 2Sa 20:8; 1Kn 3:5; 1Kr 14:16; 2Kr 1:3; Jes 28:21
c 2Sa 8:16; 2Sa 20:23; 1Kn 1:7
d 1Kr 2:16
e 2Sa 2:8
f 2Sa 2:12
g 2Sa 2:8
h 1Kr 2:16
i 2Sa 10:7; 2Sa 18:2; 2Sa 24:2; 1Kn 11:15; 1Kr 11:6
j 1Sa 26:6; 2Sa 10:10; 2Sa 20:6; 1Kr 11:20; 1Kr 19:11
k 2Sa 3:27; 2Sa 23:24; 1Kr 11:26; 1Kr 27:7

**12** Na verloop van tyd het Abner, die seun van Ner, en die knegte van Is-Boset, Saul se seun, uit Mahana′im[a] uitgetrek na Gi′beon.[b] **13** Ook Joab,[c] die seun van Seru′ja,[d] en die knegte van Dawid het uitgetrek, en hulle het mekaar later by die dam van Gi′beon ontmoet; en hulle het bly sit, dié aan hierdie kant van die dam en die ander aan daardie kant van die dam. **14** Uiteindelik het Abner vir Joab gesê: "Laat die jong manne asseblief opstaan, en laat hulle 'n oorlogspel voor ons speel." Hierop het Joab gesê: "Laat hulle opstaan." **15** Toe het hulle opgestaan en volgens getal oorgegaan, twaalf wat aan Benjamin en Is-Boset,[e] Saul se seun, behoort, en twaalf uit die knegte van Dawid. **16** En hulle het mekaar aan die kop begin gryp, met die swaard van elkeen in die sy van die ander, sodat hulle saam geval het. En dié plek is Hel′kat-Has′surim genoem, wat in Gi′beon[f] is.

**17** En die geveg het op dié dag uiters hewig geword, en Abner[g] en die manne van Israel is uiteindelik voor die knegte van Dawid verslaan. **18** En die drie seuns van Seru′ja[h] was daar, Joab[i] en Abi′sai[j] en A′sahel;[k] en A′sahel was vlugvoetig, soos een van die gaselle[l] wat in die oop veld is. **19** En A′sahel het Abner agternagesit, en hy het nie regs of links agter Abner weggedraai nie. **20** Eindelik het Abner agtertoe gekyk en gesê: "Is dit jy, A′sahel?" waarop hy gesê het: "Dit is ek." **21** Toe het Abner vir hom gesê: "Draai uit na jou regter- of na jou linkerkant en gryp vir jou een van die jong manne en neem vir

l 1Kr 12:8; Hgl 2:17; Hgl 8:14.

jou wat jy van hom afstroop.”[a]
En A′sahel wou nie agter hom
wegdraai nie. **22** Toe het Ab-
ner weer eens vir A′sahel ge-
sê: “Draai weg agter my. Waar-
om moet ek jou teen die grond
neerslaan?[b] Hoe sal ek dan my
gesig tot jou broer Joab kan op-
hef?” **23** Maar hy het bly wei-
er om weg te draai; en Abner
het hom met die agterent van
die spies in die maag gesteek,[c]
sodat die spies by sy rug uitge-
kom het; en hy het daar geval
en gesterf waar hy was. En al-
mal wat by die plek gekom het
waar A′sahel geval en toe ge-
sterf het, het gaan staan.[d]

**24** En Joab en Abi′sai het Ab-
ner agternagesit. Terwyl die
son ondergegaan het, het hul-
le by die heuwel Amma gekom,
wat teenoor Giag lê, op die pad
na die wildernis van Gi′beon.[e]
**25** En die kinders van Benja-
min het agter Abner bymekaar-
gekom, en hulle het een groep
geword en op die top van een
heuwel bly staan. **26** En Ab-
ner het na Joab begin roep en
gesê: “Gaan die swaard sonder
einde verteer?[f] Weet jy werk-
lik nie dat bitterheid eindelik
sal ontstaan nie?[g] Hoe lank sal
dit dan wees voordat jy vir
die manskappe sê dat hulle ag-
ter hulle broers moet terug-
draai?”[h] **27** Daarop het Joab
gesê: “So waar as die ware God
lewe,[i] as jy nie gepraat het nie,[j]
dan sou die manskappe hulle
eers teen die oggend terugge-
trek het, elkeen agter sy broer
weg.” **28** Joab het toe op die
horing geblaas,[k] en al die man-
skappe het tot stilstand gekom
en Israel nie langer agternage-
sit nie, en hulle het nie die ge-
veg hervat nie.

**29** Wat Abner en sy manne
betref, hulle het daardie hele
nag deur die A′raba[a] getrek
en deur die Jordaan getrek[b] en
deur die hele kloof getrek en
uiteindelik by Mahana′im[c] ge-
kom. **30** Wat Joab betref, hy
het agter Abner teruggedraai
en al die manskappe begin by-
mekaarbring. En van die kneg-
te van Dawid is negentien man
en A′sahel vermis. **31** En die
knegte van Dawid het sommi-
ge van Benjamin en van die
manne van Abner doodgemaak
—driehonderd-en-sestig man
het gesterf.[d] **32** En hulle het
A′sahel[e] gedra en hom begrawe
in die graf van sy vader,[f] wat
in Betlehem[g] is. Toe het Joab en
sy manne die hele nag lank ver-
der getrek, en dit het vir hulle
in Hebron[h] ligdag geword.

**3** En die oorlog tussen die
huis van Saul en die huis
van Dawid het lank voortge-
duur;[i] en Dawid het gaandeweg
sterker geword,[j] en die huis van
Saul het al hoe meer agteruitge-
gaan.[k]

**2** Intussen is daar vir Dawid
seuns[l] in Hebron[m] gebore, en
sy eersgeborene was Amnon[n]
by Ahi′noam,[o] die Jisreëlitiese
vrou. **3** En sy tweede was Ki′-
leab[p] by Abi′gail,[q] die vrou van
Nabal, die Karmeliet, en die der-
de was Absalom,[r] die seun van
Ma′äga, die dogter van Talmai,[s]
die koning van Gesur. **4** En
die vierde was Ado′nia,[t] die
seun van Haggit,[u] en die vyfde
was Sefat′ja,[v] die seun van Abi′-
tal. **5** En die sesde was Jit′-
ream[w] by Egla, Dawid se vrou.
Hulle is vir Dawid in Hebron ge-
bore.

**6** En terwyl die oorlog tus-
sen die huis van Saul en die huis
van Dawid voortgeduur het,
het Abner[x] deurentyd sy posi-
sie in die huis van Saul versterk.
**7** Saul het dan nou ’n byvrou

**HFST. 2**
a Rig 14:19; 2Kr 20:25
b Spr 29:1; Pr 6:10
c 2Sa 3:27; 2Sa 4:6; 2Sa 20:10
d 2Sa 20:12
e 2Sa 2:12
f 2Sa 11:25; Jes 1:20; Jer 2:30; Jer 12:12; Jer 46:10
g Spr 17:14
h Han 7:26
i 1Sa 25:26; 1Kn 2:24; 2Kn 2:2
j Spr 20:18; Lu 14:31
k 1Sa 13:3; 2Sa 18:16; 2Sa 20:22

**Tweede kol.**
a De 1:7; Jos 12:3
b Ge 32:10; Jos 4:1
c Ge 32:2; Jos 21:38; 2Sa 2:8; 2Sa 17:24
d 2Sa 2:26
e 2Sa 2:18; 1Kr 2:15; 1Kr 2:16
f Ge 47:30; Rig 8:32; Rig 16:31; 2Sa 17:23; 2Sa 19:37
g Ge 35:19; Rig 17:7; Rut 1:19; Rut 4:11; 1Sa 16:1
h 2Sa 2:1; 2Sa 2:3; 1Kr 11:1

**HFST. 3**
i 1Kn 14:30; 1Kn 15:16
j 1Sa 15:28; 1Sa 24:20; 1Sa 26:25; Job 17:9
k 2Sa 2:17
l Ps 127:3
m 1Kr 3:4
n 2Sa 13:1
o 1Sa 25:43
p 1Kr 3:1
q 1Sa 25:42
r 2Sa 15:12
s 2Sa 13:37
t 1Kn 1:5
u 1Kr 3:2
v 1Kr 3:3
w 1Kr 3:3
x 2Sa 2:8

gehad met die naam Rispa,[a] die
dogter van Ajja.[b] Later het Is-
Boset[c] vir Abner gesê: “Waar-
om het jy met die byvrou[d] van
my vader gemeenskap gehad?”
**8** En Abner het baie kwaad ge-
word[e] oor die woorde van Is-Bo-
set en het gesê: “Is ek ’n honde-
kop[f] wat aan Juda behoort?
Vandag bly ek liefderyke goed-
hartigheid teenoor die huis van
jou vader Saul bewys, teenoor
sy broers en sy persoonlike
vriende, en ek het gesorg dat jy
jou nie in die hand van Dawid
bevind nie; en tog eis jy vandag
rekenskap van my vir ’n oortre-
ding met betrekking tot ’n vrou.
**9** Mag God so aan Abner doen
en so daaraan toevoeg[g] as ek
nie, net soos Jehovah vir Dawid
gesweer het,[h] so aan hom sal
doen nie, **10** om die konink-
ryk uit die huis van Saul oor te
bring en om die troon van Da-
wid te vestig oor Israel en oor
Juda, van Dan tot Berse′ba.”[i]
**11** En hy kon geen woord meer
sê om Abner te antwoord nie
omdat hy vir hom bang was.[j]

**12** Daarop het Abner op die
plek boodskappers na Dawid
toe gestuur en gesê: “Aan wie
behoort die land?” en bygevoeg:
“Sluit tog u verbond met my, en
kyk! my hand sal met u wees om
die hele Israel na u kant toe oor
te bring.”[k] **13** Hierop het hy
gesê: “Goed! Ek sal ’n verbond
met jou sluit. Net een ding vra
ek van jou, naamlik: ‘Jy mag
my aangesig nie sien nie[l] tensy
jy eers Migal,[m] Saul se dogter,
bring wanneer jy kom om my
aangesig te sien.’” **14** Verder
het Dawid boodskappers na Is-
Boset,[n] Saul se seun, gestuur en
gesê: “Gee tog my vrou Migal,
aan wie ek my verloof het vir
honderd voorhuide[o] van die Fi-
listyne.” **15** Toe het Is-Boset
gestuur en haar van haar man

**HFST. 3**
a 2Sa 21:8
b 2Sa 21:11
c 2Sa 2:10
d 2Sa 16:21, 2Sa 16:22, 1Kn 2:22, Spr 9:7
e Spr 9:8
f 1Sa 17:43, 1Sa 24:14, 2Sa 16:9
g Rut 1:17, 1Sa 3:17, 1Sa 14:44
h 1Sa 15:28, 1Sa 28:17, 1Kr 12:23, Ps 78:70, Ps 89:20
i Rig 20:1, 2Sa 17:11, 2Sa 24:2, 1Kn 4:25
j 2Sa 3:39, Spr 29:25
k 2Sa 5:3, 1Kr 11:3, Han 13:22
l Ge 43:3, Ge 44:26
m 1Sa 18:20, 1Sa 18:27, 1Sa 19:11, 1Sa 25:44, 1Kr 15:29
n 2Sa 2:10
o 1Sa 18:25, 1Sa 18:27

**Tweede kol.**
a 1Sa 25:44
b 2Sa 16:5, 2Sa 17:18, 1Kn 2:8
c 2Sa 5:2, 1Kr 11:2
d 1Sa 13:14, 1Sa 15:28, 1Sa 16:1, 1Sa 16:13, Ps 89:3, Ps 89:20, Ps 132:17, Han 13:22
e 1Sa 10:20, 1Sa 10:21, 1Kr 12:29
f Ge 26:30
g De 14:26, 1Kn 11:37, Ps 20:4
h Ro 12:18
i 1Sa 30:22, 1Sa 30:24
j 2Sa 8:16

Pal′tiël,[a] die seun van Laïs, weg-
geneem. **16** Maar haar man
het saam met haar bly loop en
gehuil terwyl hy agter haar aan
geloop het tot by Bahu′rim.[b]
Toe het Abner vir hom gesê:
“Gaan, keer terug!” Daarop het
hy teruggekeer.

**17** Intussen het Abner met
die ouer manne van Israel in
aanraking gekom en gesê: “Gis-
ter sowel as vantevore[c] het jul-
le getoon dat julle Dawid as ko-
ning oor julle wil hê. **18** En
tree dan nou op, want Jehovah
het vir Dawid gesê: ‘Deur die
hand van my kneg Dawid[d] sal
ek my volk Israel uit die hand
van die Filistyne en uit die
hand van al hulle vyande red.’”
**19** Toe het Abner ook voor die
ore van Benjamin gespreek,[e]
waarna Abner ook voor die ore
van Dawid in Hebron alles gaan
spreek het wat goed was in die
oë van Israel en in die oë van
die hele huis van Benjamin.

**20** Toe Abner by Dawid in
Hebron kom, en twintig man
saam met hom, het Dawid vir
Abner en vir die manne wat by
hom was, ’n feesmaal klaarge-
maak.[f] **21** Toe het Abner vir
Dawid gesê: “Laat ek opstaan
en gaan en die hele Israel by
my heer die koning bymekaar-
bring, sodat hulle ’n verbond
met u kan sluit, en u sal be-
slis koning word oor alles wat u
siel begeer.”[g] Daarop het Dawid
Abner weggestuur, en hy het in
vrede weggegaan.[h]

**22** En kyk, Dawid se kneg-
te en Joab het van ’n strooptog
af gekom, en hulle het ’n groot
buit[i] saam met hulle gebring.
Wat Abner betref, hy was nie by
Dawid in Hebron nie, want hy
het hom weggestuur, en hy het
in vrede weggegaan. **23** En
Joab[j] en die hele leër wat by

hom was, het ingekom, en hul-
le het toe aan Joab berig ge-
bring en gesê: “Abner,[a] die seun
van Ner,[b] het na die koning toe
gekom, en hy het hom wegge-
stuur, en hy het in vrede weg-
gegaan.” **24** Toe het Joab na
die koning toe gegaan en gesê:
“Wat het u gedoen?[c] Kyk! Ab-
ner het na u toe gekom. Waar-
om het u hom weggestuur so-
dat hy met welslae weggegaan
het? **25** U ken Abner, die seun
van Ner, goed, dat hy gekom het
om u te mislei en om u uitgang
en u ingang[d] te wete te kom en
om alles wat u doen, te wete te
kom.”[e]

**26** Daarop het Joab van Da-
wid af uitgegaan en boodskap-
pers agter Abner aan gestuur,
en hulle het hom toe van die
reënput van Sira af laat terug-
keer;[f] en Dawid het nie daar-
van geweet nie. **27** Toe Abner
na Hebron[g] terugkeer, het Joab
hom binne die poort eenkant
toe gelei om stilletjies met hom
te praat.[h] Daar het hy hom eg-
ter in die maag gesteek,[i] sodat
hy gesterf het weens die bloed
van sy broer A′sahel.[j] **28** Toe
Dawid later daarvan te hore
kom, het hy dadelik gesê: “Ek
en my koninkryk is vanuit die
standpunt van Jehovah tot on-
bepaalde tyd onskuldig aan die
bloedskuld[k] weens Abner, die
seun van Ner. **29** Mag dit op
die hoof[l] van Joab en op die hele
huis van sy vader terugkom, en
laat daar in Joab se huis[m] nie
’n man ontbreek wat ’n lopende
afskeiding het[n] of melaats is[o] of
die draaiende spoel vasgryp[p] of
deur die swaard val of ’n gebrek
aan brood het nie!”[q] **30** Wat
Joab en sy broer Abi′sai[r] betref,
hulle het Abner[s] doodgemaak
omdat hy hulle broer A′sahel
by Gi′beon in die geveg doodge-
maak het.[t]

**31** Toe het Dawid vir Joab en
die hele volk wat by hom was,
gesê: “Skeur julle klere[a] en bind
saklinne om[b] en weeklaag voor
Abner uit.” Selfs koning Da-
wid het agter die baar geloop.
**32** En hulle het die begrafnis
van Abner in Hebron gehad; en
die koning het sy stem begin
verhef en gehuil by Abner se
graf, en die hele volk het begin
huil.[c] **33** En die koning het ’n
klaaglied oor Abner gesing en
gesê:

“Moes Abner sterf soos ’n
verstandelose[d] sterf?
**34** Jou hande was nie gebind
nie,[e]
En jou voete was nie in
koperboeie gesit nie.[f]
Jy het geval soos iemand
wat voor die kinders
van onregverdigheid[g]
val.”

Daarop het die hele volk weer
oor hom gehuil.[h]

**35** Later het die hele volk ge-
kom om Dawid brood[i] vir ver-
troosting te gee terwyl dit nog
dieselfde dag was, maar Dawid
het gesweer en gesê: “Mag God
so aan my doen[j] en mag hy
so daaraan toevoeg as ek voor
die son ondergaan[k] brood of
hoegenaamd enigiets sal proe!”
**36** En die hele volk het daarop
ag geslaan, en dit was goed in
hulle oë. Soos alles wat die ko-
ning gedoen het, was dit goed
in die oë van die hele volk.[l]
**37** En die hele volk en die hele
Israel het op dié dag te wete ge-
kom dat dit nie van die koning
gekom het om Abner, die seun
van Ner, te laat doodmaak nie.[m]
**38** En die koning het verder
vir sy knegte gesê: “Weet julle
nie dat ’n vors en ’n groot man
vandag in Israel geval het nie?[n]
**39** En ek is vandag swak hoe-
wel ek as koning gesalf is,[o] en

HFST. 3

a 1Sa 14:50, 1Sa 20:25, 2Sa 2:8, 2Sa 2:22
b 1Sa 14:51
c 2Sa 19:6
d Nu 27:17, De 28:6, 1Sa 29:6, Ps 121:8, Jes 37:28
e Ge 42:12, Ge 42:16
f Spr 26:24
g 2Sa 2:1, 2Sa 3:20
h Ps 55:21, Spr 26:23, Spr 26:25
i De 27:24, 1Kn 2:5
j 2Sa 2:22, 2Sa 2:23
k Ge 4:10, Ge 9:6, Eks 21:12, Nu 35:21, Nu 35:33, De 21:9
l De 32:43, Rig 9:57, 2Sa 1:16, 1Kn 2:37, Ps 7:16, Ps 55:23, Ps 94:23, Spr 5:22, Spr 28:17
m Eks 34:7
n Le 15:2, Nu 5:2
o Le 13:44, 2Kn 5:27
p Le 21:18
q De 27:24, Ps 109:10
r 2Sa 2:24
s 2Sa 2:8, 2Sa 2:14, 2Sa 3:27
t Le 19:18, 2Sa 2:23, Ro 12:19

Tweede kol.

a Jos 7:6, 2Sa 1:11
b Ge 37:34, 2Kn 19:1
c 1Sa 30:4, 2Sa 1:12
d 2Sa 13:13
e Ps 107:10
f Rig 16:21
g 1Kn 2:32
h Pr 7:2
i Jer 16:7, Ese 24:17
j Rut 1:17
k Rig 20:26, 2Sa 1:12
l 2Sa 2:10
m 2Sa 3:28, 1Kn 2:5
n 1Sa 14:50, 2Sa 2:8, 2Sa 3:12
o 2Sa 2:4

hierdie manne, die seuns van
Seru′ja,[a] is vir my te hard.[b] Mag
Jehovah die kwaaddoener vol-
gens sy slegtheid vergeld."[c]

**4** Toe die seun[d] van Saul hoor
dat Abner in Hebron[e] ge-
sterf het, het sy hande slap ge-
word,[f] en al die Israeliete was
ontsteld. **2** En daar was twee
manne, hoofde van die rower-
bendes,[g] wat aan die seun van
Saul behoort het; die naam van
die een was Baäna en die naam
van die ander was Regab, die
seuns van Rimmon, die Beëro-
tiet, uit die kinders van Benja-
min; want ook Be′ërot[h] is voor-
heen as deel van Benjamin
gereken. **3** En die Beërotiete
het na Gitta′im[i] gevlug, en hul-
le het daar inwonende vreem-
delinge geword tot vandag toe.

**4** En Jo′natan,[j] die seun van
Saul, het 'n seun met gebrek-
like voete gehad.[k] Hy was vyf
jaar oud toe die berig oor Saul
en Jo′natan uit Jis′reël[l] gekom
het; en sy versorgster het hom
begin dra en gevlug, maar ter-
wyl sy paniekbevange gehard-
loop het om te vlug, het hy ge-
val en kreupel geword. En sy
naam was Mefibo′set.[m]

**5** En die seuns van Rimmon,
die Beërotiet, Regab en Baä-
na, het gegaan en op die warm-
ste van die dag by die huis
van Is-Boset[n] gekom, terwyl
hy sy middagslapie geniet het.
**6** En kyk, hulle het tot binne-
in die huis gekom as manne wat
koring kom haal en hom toe
in die maag gesteek;[o] en Regab
en sy broer Baäna[p] is nie op-
gemerk nie. **7** Toe hulle in die
huis ingaan, het hy op sy slaap-
bank in sy binneste slaapkamer
gelê, en hulle het hom gesteek
sodat hulle hom doodgemaak
het,[q] waarna hulle sy kop ver-
wyder het[a] en sy kop geneem
en die hele nag lank met die
pad na die A′raba geloop het.
**8** Uiteindelik het hulle die kop
van Is-Boset[b] na Dawid in He-
bron gebring en vir die koning
gesê: "Hier is die kop van Is-Bo-
set, die seun van Saul, u vyand[c]
wat u siel gesoek het;[d] maar Je-
hovah gee vandag aan my heer
die koning wraak[e] op Saul en sy
nageslag."

**9** Maar Dawid het Regab en
sy broer Baäna, die seuns van
Rimmon, die Beërotiet, geant-
woord en vir hulle gesê: "So
waar as Jehovah lewe[f] wat my
siel[g] uit alle benoudheid[h] ver-
los het,[i] **10** toe iemand aan
my berig gebring[j] en gesê het:
'Kyk, Saul is dood', en hy in sy
eie oë soos 'n bringer van goeie
nuus geword het, het ek hom
egter gegryp en hom in Sik-
lag doodgemaak[k] toe ek eintlik
vir hom die boodskappersloon
moes gee; **11** hoeveel te meer
wanneer goddelose manne[l] 'n
regverdige man in sy eie huis
op sy bed doodgemaak het? En
sal ek dan nou nie sy bloed
van julle hand eis nie,[m] en sal
ek julle nie van die aarde af uit-
wis nie?"[n] **12** Daarop het Da-
wid die jong manne beveel, en
dié het hulle doodgemaak[o] en
hulle hande en hulle voete afge-
kap en hulle by die dam in He-
bron opgehang;[p] en die kop van
Is-Boset het hulle geneem en
toe in die graf van Abner in He-
bron[q] begrawe.

**5** Na verloop van tyd het al
die stamme van Israel na
Dawid[r] in Hebron[s] gekom en ge-
sê: "Kyk! Ons is u been en u
vlees.[t] **2** Gister sowel as van-
tevore,[u] terwyl Saul koning oor

**HFST. 3**
a 1Kr 2:16
b 2Sa 19:13; 2Sa 20:10; 2Sa 20:23
c 2Sa 3:29; 1Kn 2:6; 1Kn 2:34; Ps 28:4; Ps 62:12; Ga 6:7

**HFST. 4**
d 2Sa 2:8; 2Sa 3:7
e 2Sa 3:27
f 2Sa 17:2; Esr 4:4; Jes 13:7
g 2Kn 5:2; 2Kn 6:23
h Jos 9:17; Jos 18:25
i Ne 11:33
j 1Sa 20:16
k 2Sa 9:3
l 1Sa 29:1; 1Sa 29:11
m 2Sa 9:13; 1Kr 8:34; 1Kr 9:40
n 2Sa 2:8; 2Sa 3:7
o 2Sa 2:23; 2Sa 3:27; 2Sa 20:10
p 2Sa 4:2
q 2Kr 24:25; 2Kr 33:24

**Tweede kol.**
a 1Sa 17:54; 1Sa 31:9; 2Kn 10:6; Mr 6:28
b 2Sa 2:10
c 1Sa 18:11; 1Sa 18:29; 1Sa 19:2
d 1Sa 20:1; 1Sa 20:33; 1Sa 23:15
e De 32:35; 2Sa 22:48; Ro 12:19
f 1Sa 20:3
g Ps 71:23
h 1Kn 1:29; Ps 34:7
i 1Sa 24:12; 1Sa 26:25; 2Sa 12:7
j 2Sa 1:2
k 2Sa 1:15
l 2Sa 4:5; 1Kn 8:32
m Ge 9:6; Eks 21:12; Nu 35:16; Nu 35:30
n Eks 9:15; Ps 109:15
o 2Sa 1:15; Ps 55:23
p De 21:22
q 2Sa 3:32

**HFST. 5** r 1Kr 11:1; 1Kr 12:23; s 2Sa 2:1; 2Sa 2:11; t Ge 29:14; De 17:15; Rig 9:2; 2Sa 19:12; u 2Sa 3:17.

ons was, het ú Israel uitgelei en
ingebring.[a] En Jehovah het vir
u gesê: ‘Jy sal my volk Israel as
herder lei,[b] en jy sal leier[c] oor
Israel word.’ ” **3** So het al die
ouer manne[d] van Israel na die
koning in Hebron gekom, en ko-
ning Dawid het in Hebron voor
Jehovah ’n verbond met hulle
gesluit;[e] waarna hulle Dawid as
koning oor Israel[f] gesalf het.[g]

**4** Dawid was dertig jaar oud
toe hy koning geword het. Veer-
tig jaar lank[h] het hy as ko-
ning geheers. **5** In Hebron het
hy sewe jaar en ses maande oor
Juda as koning geheers;[i] en in
Jerusalem[j] het hy drie-en-dertig
jaar oor die hele Israel en Juda
as koning geheers. **6** Gevolg-
lik het die koning en sy man-
ne na Jerusalem opgetrek teen
die Jebusiete[k] wat die land be-
woon het, en hulle het vir Da-
wid begin sê: “Jy sal nie hier
inkom nie, maar die blindes en
die kreupeles sal jou beslis weg-
keer”,[l] want hulle het gedink:
“Dawid sal nie hier inkom nie.”
**7** Dawid het nietemin die ves-
ting Sion ingeneem,[m] dit wil sê
die Stad van Dawid.[n] **8** En Da-
wid het op dié dag gesê: “Laat
enigeen wat die Jebusiete ver-
slaan,[o] deur middel van die wa-
tertonnel[p] kom by die kreupeles
sowel as die blindes, wat deur
Dawid se siel gehaat word!”
Daarom sê hulle: “Die blinde en
die kreupele sal nie in die huis
inkom nie.” **9** En Dawid het
in die vesting gaan woon, en
dit is die Stad van Dawid ge-
noem; en Dawid het rondom be-
gin bou, van die Wal[q] af en bin-
netoe. **10** So het Dawid al hoe
groter geword,[r] en Jehovah, die
God van die leërs,[s] was met
hom.[t]

**11** En Hiram,[u] die koning
van Tirus, het boodskappers[v]
na Dawid toe gestuur, en ook

HFST. 5
a Nu 27:17; 1Sa 18:13; 1Sa 25:28
b 1Sa 16:1; 2Sa 7:7; Ps 78:71
c Ge 49:10; 1Sa 25:30; 2Sa 6:21; 2Sa 7:8; 1Kr 28:4
d Eks 3:16; 1Kr 11:3
e 2Kn 11:17
f Han 13:22
g 1Sa 16:13; 2Sa 2:4
h 1Kr 29:27
i 2Sa 2:11
j Ge 14:18
k Eks 23:23; Jos 15:63; Rig 1:8; Rig 1:21
l Ps 5:5
m 1Kr 11:5
n 2Sa 12:28; 1Kn 2:10; Ne 12:37
o 1Kr 11:6
p 2Kn 20:20; 2Kr 32:30
q 1Kn 9:15; 1Kn 9:24; 1Kn 11:27; 1Kr 11:8; 2Kr 32:5
r 1Sa 16:13; 2Sa 3:1; Job 17:9
s 1Sa 17:45
t Ps 46:7; Ro 8:31
u 1Kn 5:1; 1Kn 5:8; 1Kr 14:1
v 1Kn 20:9

Tweede kol.
a 2Kr 2:3
b 2Sa 7:2
c 2Sa 7:16; 1Kr 14:2; Ps 41:11; Ps 89:21
d 1Kn 10:9; 2Kr 2:11
e Ps 89:27
f Ge 25:6; 2Sa 15:16; 1Kr 3:9
g 1Kr 14:3
h 1Kr 14:4
i 1Kr 3:5
j Sag 12:12; Lu 3:31
k 2Sa 12:24
l 1Kr 14:5
m 1Kr 14:6
n 1Kr 3:7
o 1Kr 14:7
p 1Kr 3:8
q 2Sa 5:3; 1Kr 14:8; Ps 2:2
r 1Sa 22:1; 1Sa 22:5; 1Sa 24:22; 2Sa 23:14

sederbome[a] en bewerkers van
hout en bewerkers van klip vir
mure, en hulle het vir Dawid ’n
huis begin bou.[b] **12** En Dawid
het te wete gekom dat Jehovah
hom stewig bevestig het as ko-
ning oor Israel[c] en dat hy sy ko-
ninkryk ter wille van sy volk
Israel[d] verhef het.[e]

**13** Intussen het Dawid nog
byvrouens[f] en vrouens[g] uit Je-
rusalem geneem nadat hy uit
Hebron gekom het; en vir Da-
wid is nog seuns en dogters ge-
bore. **14** En dít is die name
van dié wat vir hom in Jeru-
salem gebore is: Sam′mua[h] en
Sobab[i] en Natan[j] en Salomo,[k]
**15** en Jibhar en Elisu′a[l] en Ne-
feg[m] en Ja′fia,[n] **16** en Elisa′-
ma[o] en El′jada en Elife′let.[p]

**17** En die Filistyne het te
hore gekom dat hulle Dawid as
koning oor Israel gesalf het.[q]
Daarop het al die Filistyne op-
getrek om Dawid te soek. Toe
Dawid daarvan hoor, het hy na
die moeilik toeganklike plek af-
gegaan.[r] **18** En wat die Fili-
styne betref, hulle het ingekom
en in die Refa′imlaagvlakte[s] bly
rondtrek. **19** En Dawid het
Jehovah begin raadpleeg[t] en ge-
sê: “Sal ek teen die Filistyne op-
trek? Sal u hulle in my hand
gee?” Hierop het Jehovah vir
Dawid gesê: “Trek op, want ek
sal die Filistyne vir seker in jou
hand gee.”[u] **20** Toe het Da-
wid by Baäl-Pe′rasim[v] gekom,
en Dawid het hulle daar ver-
slaan. Daarop het hy gesê: “Je-
hovah het voor my uit deur
my vyande gebreek,[w] soos ’n
gaping wat deur waters ge-
maak is.” Daarom het hy dié
plek Baäl-Pe′rasim[x] genoem.
**21** Gevolglik het hulle hulle

s Jos 15:8; 1Kr 11:15; 1Kr 14:9; Jes 17:5; t Nu 27:21; 1Sa 23:2; 2Sa 2:1; 1Kr 14:10; Spr 3:6; u Rig 20:28; 1Sa 30:8; v 1Kr 14:11; w 2Sa 22:41; Ps 29:2; x 1Kr 14:11; Jes 28:21.

afgode[a] daar agtergelaat, en toe
het Dawid en sy manne dit weg-
geneem.[b]

**22** Later het die Filistyne
weer eens opgetrek[c] en in
die Refa′imlaagvlakte[d] rondge-
trek. **23** Daarop het Dawid Je-
hovah geraadpleeg,[e] maar hy
het gesê: “Jy moenie optrek nie.
Trek om na hulle agterhoede,
en jy moet hulle voor die baka-
bosse aanval.[f] **24** En wanneer
jy die geluid van marsjering
in die toppe van die bakabos-
se hoor, dan moet jy met be-
slistheid optree,[g] want dan het
Jehovah voor jou uit gegaan
om die kamp van die Filistyne
te verslaan.”[h] **25** Toe het Da-
wid so gedoen, net soos Jeho-
vah hom beveel het,[i] en hy het
die Filistyne van Geba[j] af tot by
Geser[k] verslaan.[l]

**6** En Dawid het weer al die
uitgesoekte manne in Is-
rael versamel,[m] dertigduisend.
**2** Toe het Dawid en al die men-
se wat by hom was, opgestaan
en na Ba′äle-Ju′da[n] gegaan om
daarvandaan die ark[o] van die
ware God op te bring, waaroor
’n naam uitgeroep is, die naam[p]
van Jehovah van die leërs,[q] wat
op die gerubs sit.[r] **3** Hulle het
die ark van die ware God eg-
ter op ’n nuwe wa laat ry,[s] so-
dat hulle dit kon vervoer van
die huis van Abina′dab[t] af, wat
op die heuwel was; en Ussa en
Agjo,[u] die seuns van Abina′dab,
het die nuwe wa gelei.

**4** So het hulle dit vervoer
van Abina′dab se huis af, wat
op die heuwel was—met die ark
van die ware God; en Agjo het
voor die Ark geloop. **5** En Da-
wid en die hele huis van Israel
het die geleentheid voor Jeho-
vah gevier met allerhande in-
strumente van jenewerhout en
met harpe[v] en met snaarinstru-
mente[a] en met tamboeryne[b] en
met sistrums en met simbale.[c]
**6** En hulle het geleidelik tot
by die dorsvloer van Nagon ge-
kom, en Ussa[d] het toe sy hand
na die ark van die ware God
uitgesteek en dit gegryp,[e] want
die beeste het dit byna laat om-
kantel. **7** Daarop het Jehovah
se toorn[f] teen Ussa ontvlam,
en die ware God het hom daar
getref[g] weens die oneerbiedige
daad, sodat hy daar naby die
ark van die ware God gesterf
het.[h] **8** En Dawid het kwaad
geword omdat Jehovah in ’n uit-
barsting teen Ussa losgebreek
het, en dié plek word tot van-
dag toe Peres-Ussa genoem.[i]
**9** En Dawid het op dié dag vir
Jehovah bang geword[j] en begin
sê: “Hoe sal die ark van Jehovah
na my toe kom?”[k] **10** En Da-
wid wou nie die ark van Jeho-
vah na hom toe oorbring in die
Stad van Dawid[l] nie. Daarom
het Dawid dit laat wegdraai na
die huis van Obed-Edom,[m] die
Gittiet.[n]

**11** En die ark van Jehovah
het drie maande in die huis
van Obed-Edom, die Gittiet, ge-
bly; en Jehovah het Obed-Edom
en sy hele huisgesin[o] bly seën.[p]
**12** Uiteindelik is daar aan ko-
ning Dawid berig gebring en ge-
sê: “Jehovah het die huis van
Obed-Edom en alles wat hy het,
geseën weens die ark van die
ware God.” Daarop het Dawid
gegaan en die ark van die ware
God met blydskap uit die huis
van Obed-Edom na die Stad van
Dawid opgebring.[q] **13** En toe
die draers[r] van die ark van Je-
hovah ses treë gestap het, het
hy onmiddellik ’n bul en ’n vet-
gemaakte dier geoffer.[s]

**HFST. 5**
a 1Sa 31:9, Ps 115:7, Jes 2:20, Hab 2:18, 1Ko 8:4
b De 7:5, De 7:25, 1Kr 14:12
c 1Kr 14:13
d Jos 15:8, 2Sa 5:18, 1Kr 11:15
e 1Sa 30:8, 2Sa 5:19, Spr 3:5
f 1Kr 14:14, Ps 84:6
g Rig 7:15, Jer 48:10
h 1Kr 14:15
i 1Kr 14:16, Ps 119:4
j Jos 18:24
k Jos 16:10
l Le 26:7

**HFST. 6**
m 2Sa 5:1, 1Kn 8:1, 1Kr 13:1
n 1Sa 7:2
o 1Kr 13:6
p Eks 6:3, Le 24:11, Jes 42:8
q De 20:4, 1Sa 1:3, 1Sa 15:2, 1Kn 18:15, 1Kr 17:24
r Eks 25:22, 1Sa 4:4, Ps 80:1
s Eks 25:14, Nu 7:9, Jos 3:14
t 1Sa 7:1
u 1Kr 13:7
v 1Sa 16:16

**Tweede kol.**
a 1Sa 10:5, Ps 150:3
b Eks 15:20, Ps 150:4
c 1Kr 13:8, Ps 150:5
d 1Kr 13:9
e Nu 4:15, Nu 4:19, Nu 4:20, 1Kr 15:2, Spr 11:2, Spr 21:24
f Nu 12:9, 2Kn 24:20
g Le 10:2, 1Sa 6:19
h 1Kr 13:10
i 1Kr 13:11
j 1Sa 6:20, Ps 119:120
k 1Kr 13:12
l 2Sa 5:7
m 1Kr 13:14, 1Kr 15:25
n 1Kr 13:13
o 1Kr 13:14

p Ge 30:27; Ge 39:5; Spr 10:22; Mal 3:10; q 1Kr 15:25; Ps 24:7; Ps 68:24; r Nu 4:15; Nu 7:9; Jos 3:3; 1Kr 15:2; 1Kr 15:15; s 1Kr 15:26.

**14** En Dawid het met alle
mag voor Jehovah rondge-
dans, terwyl Dawid die hele tyd
met ’n linne-efod[a] omgord was.
**15** En Dawid en die hele huis
van Israel het die ark[b] van Je-
hovah met gejuig[c] en die ge-
luid van die horing[d] opgebring.
**16** En toe die ark van Jeho-
vah in die Stad van Dawid in-
kom, het Migal,[e] Saul se dogter,
deur die venster afgekyk en ge-
sien hoe koning Dawid voor Je-
hovah spring en ronddans; en
sy het hom in haar hart[f] be-
gin verag.[g] **17** Toe het hulle
die ark van Jehovah ingebring
en dit op sy plek gesit binne-
in die tent wat Dawid daarvoor
opgeslaan het;[h] waarna Dawid
brandoffers[i] en gemeenskapsof-
fers[j] voor Jehovah gebring het.
**18** Toe Dawid klaar die brand-
offers en die gemeenskapsof-
fers gebring het, het hy die
volk in die naam van Jehovah[k]
van die leërs geseën.[l] **19** Ver-
der het hy aan die hele volk,
aan die hele menigte van Is-
rael, man sowel as vrou, aan
elkeen ’n ringvormige brood-
koek en ’n dadelkoek en ’n rosy-
nekoek[m] uitgedeel,[n] waarna die
hele volk elkeen na sy eie huis
gegaan het.

**20** Dawid het toe terugge-
keer om sy huisgesin te seën,[o]
en Migal,[p] Saul se dogter, het
Dawid tegemoetgegaan en toe
gesê: “Hoe glorieryk het die ko-
ning van Israel hom tog van-
dag gemaak[q] toe hy hom van-
dag voor die oë van die slavinne
van sy knegte ontbloot het,
net soos een van die leeghoof-
diges hom openlik ontbloot!”[r]
**21** Hierop het Dawid vir Mi-
gal gesê: “Dit was voor Jeho-
vah, wat my bo jou vader en
sy hele huis verkies het om my
as leier oor Jehovah se volk Is-
rael aan te stel,[a] en ek sal die
geleentheid voor Jehovah vier.[b]
**22** En ek sal maak dat ek selfs
nog meer geringgeag word,[c] en
ek sal in my oë gering word; en
met die slavinne wat jy genoem
het, met hulle is ek vasbeslote
om my te verheerlik.”[d] **23** En
wat Migal,[e] Saul se dogter, be-
tref, sy het tot die dag van haar
dood geen kind gehad nie.

**7** En toe die koning in sy eie
huis woon[f] en Jehovah hom
van al sy vyande rondom rus
gegee het,[g] **2** het die koning
vir die profeet Natan[h] gesê:
“Kyk dan nou, ek woon in ’n
huis van sederhout[i] terwyl die
ark van die ware God in tent-
doeke woon.”[j] **3** Daarop het
Natan vir die koning gesê: “Al-
les wat in u hart is—gaan, doen
dit,[k] want Jehovah is met u.”

**4** En in dié nag het die
woord[l] van Jehovah tot Na-
tan gekom en gesê: **5** “Gaan,
en jy moet vir my kneg Da-
wid sê: ‘Só het Jehovah gesê:
“Sou jý vir my ’n huis bou om
in te woon?[m] **6** Want van die
dag af dat ek die kinders van Is-
rael uit Egipte laat optrek het
tot vandag toe het ek nie in ’n
huis gewoon nie,[n] maar ek het
voortdurend in tent[o] en taber-
nakel[p] rondgetrek.[q] **7** Het ek
ooit, in al die tyd dat ek onder al
die kinders van Israel rondge-
trek het,[r] met een van die stam-
me van Israel[s] wat ek beveel
het om my volk Israel as her-
der te lei, ’n woord gespreek en
gesê: ‘Waarom het julle nie vir
my ’n huis van sederhout gebou
nie?’ ”’ **8** En só moet jy dan
nou vir my kneg Dawid sê: ‘Só
het Jehovah van die leërs ge-
sê: “Ek het jou uit die weiveld

**HFST. 6**

a 1Sa 2:18; 1Kr 15:27
b Eks 37:1; Ps 132:8
c 1Kr 15:16; 1Kr 15:28; Ps 47:1
d 2Kr 15:14; Ps 150:3
e 1Sa 14:49; 1Sa 18:20; 1Sa 18:27; 2Sa 3:14
f Jer 17:9; Mt 15:19
g 1Kr 15:29
h 1Kr 15:1; 1Kr 16:1; 2Kr 1:4
i Le 1:3
j Le 3:1; Le 19:5
k 1Kr 16:2
l 1Kn 8:55
m 1Kr 16:3
n 2Sa 3:36; Heb 13:16
o 1Kr 16:43
p 1Sa 18:27
q Ps 69:7
r Eks 22:28; 1Kr 15:29; Ef 5:33

**Tweede kol.**

a 1Sa 13:14; 1Sa 15:28; 1Sa 16:1; 1Sa 16:12; Han 13:22
b 2Sa 6:5; 2Sa 6:14
c Jes 51:7; Mt 5:11
d 1Sa 2:30; 2Sa 5:13; Ps 127:3
e 1Sa 14:49; 2Sa 6:16

**HFST. 7**

f 1Kr 17:1
g Le 26:6; 1Kn 5:4
h 2Sa 12:1; 1Kr 29:29
i 2Sa 5:11; 1Kr 14:1
j 2Sa 6:17; 1Kr 15:1; 1Kr 16:1
k 1Kn 8:17; 1Kr 17:2; 1Kr 22:7
l Nu 12:6; 1Kr 17:3; Heb 1:1
m 1Kn 5:3; 1Kn 8:19; 1Kr 17:4; 1Kr 22:8
n Jos 18:1; 1Kn 8:16
o Eks 40:18; Eks 40:34; Han 7:44
p 1Kr 17:5
q Eks 33:14; De 23:14

r Le 26:12; s 1Kr 17:6.

agter die kleinvee weggeneem[a] om ’n leier[b] oor my volk Israel te word. **9** En ek sal met jou wees waar jy ook al gaan,[c] en ek sal al jou vyande voor jou uitroei;[d] en ek sal beslis vir jou ’n groot naam maak,[e] soos die naam van die grotes wat op die aarde is. **10** En ek sal beslis vir my volk Israel ’n plek bestem[f] en hulle plant,[g] en hulle sal inderdaad woon waar hulle is en nie meer verontrus word nie; en die kinders van onregverdigheid sal hulle nie weer verdruk soos hulle vroeër gedoen het nie,[h] **11** ja, van die dag af dat ek rigters[i] oor my volk Israel aangestel het; en ek sal jou rus gee van al jou vyande.[j]

“ ‘ “En Jehovah het vir jou gesê dat Jehovah vir jou ’n huis[k] tot stand sal bring. **12** Wanneer jou dae vervul is[l] en jy met jou voorvaders moet ontslaap,[m] dan sal ek beslis jou saad ná jou verwek, wat uit jou liggaam sal voortkom; en ek sal inderdaad sy koninkryk stewig vestig.[n] **13** Hý sal vir my naam ’n huis bou,[o] en ek sal beslis die troon van sy koninkryk tot onbepaalde tyd stewig vestig.[p] **14** Ek sal sy vader word,[q] en hy sal my seun word.[r] Wanneer hy verkeerd doen, sal ek hom ook met die roede[s] van mense en met die slae van die kinders van Adam teregwys. **15** Wat my liefderyke goedhartigheid betref, dit sal nie van hom wyk soos ek dit verwyder het van Saul,[t] wat ek weens jou verwyder het nie. **16** En jou huis en jou koninkryk sal beslis tot onbepaalde tyd voor jou bestendig wees; jou troon sal tot onbepaalde tyd stewig gevestig word.” ’ ”[u]

**17** Volgens al hierdie woorde en volgens hierdie hele visioen, so het Natan met Dawid gepraat.[a]

**18** Daarop het koning Dawid ingekom en voor Jehovah gaan sit en gesê: “Wie is ek,[b] o Soewereine Heer Jehovah? En wat is my huis dat u my so ver gebring het? **19** Asof dit maar iets kleins in u oë sou wees, o Soewereine Heer Jehovah, spreek u ook nog aangaande die huis van u kneg tot in die verre toekoms; en dit is die wet wat vir die mens gegee is,[c] o Soewereine Heer Jehovah.[d] **20** En wat kan Dawid nog byvoeg en vir u sê, terwyl u u kneg goed ken,[e] o Soewereine Heer Jehovah? **21** Ter wille van u woord[f] en in ooreenstemming met u hart[g] het u al hierdie groot dinge gedoen, om dit aan u kneg bekend te maak.[h] **22** Daarom is u inderdaad groot,[i] o Soewereine Heer Jehovah; want daar is geen ander soos u nie,[j] en daar is geen God behalwe u[k] onder almal van wie ons met ons ore gehoor het nie. **23** En watter nasie op die aarde is soos u volk Israel,[l] wat God gegaan het om vir hom as ’n volk te verlos[m] en om aan hom ’n naam toe te ken[n] en om vir hulle groot en vreesinboesemende dinge te doen[o] —om ter wille van u volk, wat u vir u uit Egipte verlos het,[p] die nasies en hulle gode te verdryf? **24** En u het u volk Israel[q] tot onbepaalde tyd vir u as u volk stewig gevestig; en u, o Jehovah, het hulle God geword.[r]

**25** “En nou, Jehovah God, voer tot onbepaalde tyd die

HFST. 7

a 1Sa 16:11, 1Kr 17:7, Ps 78:70
b 2Sa 5:2, 2Sa 6:21, 1Kr 28:4, Ps 78:71
c 1Sa 18:14, 2Sa 5:10
d De 28:7, 2Sa 22:1, Ps 18:37
e 1Sa 2:7, 1Kr 14:2, 1Kr 14:17, 1Kr 17:8, Pr 7:1
f Ese 20:6
g 1Kr 17:9, Ps 80:8
h Rig 2:14, Rig 3:4, Ps 89:22
i Rig 2:16
j De 25:19
k 2Sa 7:27, 1Kn 2:24, 1Kr 17:10, 1Kr 22:10, Ps 89:4
l 1Kn 2:1, 1Kr 17:11, Han 2:29
m De 31:16, 1Kn 1:21, Han 13:36
n Ge 49:10, 1Kn 8:20, Ps 132:11, Jes 9:7, Jes 11:1, Mt 21:9, Mt 22:42, Lu 1:32, Joh 7:42, Han 2:30
o 1Kn 5:5, 1Kn 6:12, 1Kr 17:12, 1Kr 22:10, Sag 6:13, Heb 3:6, 1Pe 2:5
p 1Kn 1:37, 1Kr 28:7, Ps 89:4, Ps 89:36, Lu 1:33
q 1Kr 17:13, 1Kr 28:6, Heb 1:5
r Mt 3:17
s Le 26:18, 1Kn 8:46, Ps 89:30, Ps 89:32, Jer 52:3
t 1Sa 15:23
u 2Sa 7:12, 1Kr 17:14, Ps 45:6, Ps 89:36, Da 2:44, Heb 1:8, Op 11:15

Tweede kol.

a 2Sa 7:4, 1Kr 17:15, 2Pe 1:21

b Ge 32:10; 1Sa 2:8; 1Sa 18:18; 1Kr 17:16; Mi 6:8; c 1Kr 17:17; d Ge 15:2; e 1Sa 16:7; 1Kr 17:18; Ps 17:3; Ps 139:1; Heb 4:13; f Ge 49:10; Nu 24:17; De 9:5; Jos 23:14; Jes 55:11; Lu 1:55; g 1Kr 17:19; h Ps 25:14; Am 3:7; i De 3:24; 1Kr 16:25; Ps 86:10; Ps 96:4; j Eks 15:11; 1Sa 2:2; 1Kr 17:20; Ps 83:18; Ps 89:6; Jer 10:6; k De 4:35; Jes 45:5; 1Ko 8:4; l De 4:7; 1Kr 17:21; Ps 147:20; m Eks 3:8; Eks 19:5; Jes 63:9; n Eks 9:16; o De 10:21; p De 9:26; Ne 1:10; q De 26:18; 1Kr 17:22; r Eks 15:2.

woord uit wat u oor u kneg
en oor sy huis gespreek het en
doen net soos u gespreek het.[a]
**26** En laat u naam tot onbe-
paalde tyd groot word[b] deurdat
daar gesê word: ‘Jehovah van
die leërs is God oor Israel’,[c] en
laat die huis van u kneg Dawid
stewig voor u gevestig word.[d]
**27** Want u, Jehovah van die
leërs, die God van Israel, het
aan u kneg se oor geopenbaar
en gesê: ‘’n Huis sal ek vir
jou bou.’[e] Daarom het u kneg
moed geskep om hierdie gebed
tot u te rig.[f] **28** En nou, o Soe-
wereine Heer Jehovah, u is die
ware God; en wat u woorde be-
tref, laat dit waarheid wees,[g]
aangesien u aan u kneg hier-
die goedheid beloof.[h] **29** En
neem dit nou op u en seën[i] die
huis van u kneg sodat dit tot
onbepaalde tyd voor u kan bly;[j]
want u, o Soewereine Heer Je-
hovah, het beloof, en laat die
huis van u kneg weens u seën
tot onbepaalde tyd geseënd
wees.”[k]

**8** En daarna het Dawid die
Filistyne[l] verslaan en hulle
onderwerp,[m] en Dawid het Me-
teg-Amma uit die hand van die
Filistyne geneem.

**2** En hy het die Moabiete
verslaan[n] en hulle met ’n lyn ge-
meet deur hulle op die grond te
laat lê, sodat hy twee lyne kon
meet om hulle dood te maak en
’n volle lyn om hulle te laat le-
we;[o] en die Moabiete het Dawid
se knegte geword[p] wat skatting
moes bring.[q]

**3** En Dawid het Hadade′ser,[r]
die seun van Rehob, die ko-
ning van Soba,[s] verslaan ter-
wyl hy gegaan het om sy mag
aan die Eufraatrivier[t] te her-
stel. **4** En Dawid het van hom
duisend-sewehonderd ruiters
en twintigduisend voetsolda-
te gevange geneem;[a] en Dawid
het die hakskeensenings van
al die strydwaperde[b] afgesny,[c]
maar hy het van hulle honderd
strydwaperde laat oorbly.

**5** Toe Sirië van Damaskus[d]
Hadade′ser, die koning van So-
ba, kom help, het Dawid onder
die Siriërs twee-en-twintigdui-
send man verslaan.[e] **6** Verder
het Dawid garnisoene[f] in Sirië
van Damaskus geplaas; en die
Siriërs het Dawid se knegte ge-
word wat skatting moes bring.[g]
En Jehovah het Dawid gered
waar hy ook al gegaan het.[h]
**7** Ook het Dawid die ronde skil-
de[i] van goud geneem wat die
knegte van Hadade′ser gedra
het en dit na Jerusalem ge-
bring. **8** En uit Betag en Be-
rotai′, stede van Hadade′ser,
het koning Dawid ’n baie groot
hoeveelheid koper geneem.[j]

**9** En Toï, die koning van
Hamat,[k] het te hore gekom
dat Dawid die hele krygsmag
van Hadade′ser verslaan het.[l]
**10** Daarom het Toï sy seun Jo-
ram na koning Dawid toe ge-
stuur om hom na sy welstand te
vra[m] en hom geluk te wens om-
dat hy teen Hadade′ser geveg
het sodat hy hom verslaan het
(want Hadade′ser het ervare ge-
word in oorlogvoering teen Toï);
en in sy hand was daar silwer-
voorwerpe en goue voorwerpe
en kopervoorwerpe.[n] **11** Ook
dit het koning Dawid aan Jeho-
vah geheilig, saam met die sil-
wer en die goud wat hy gehei-
lig het van al die nasies wat
hy onderwerp het,[o] **12** van Si-
rië en van Moab[p] en van die
kinders van Ammon en van die
Filistyne[q] en van A′malek[r] en
van die buit van Hadade′ser, die
seun van Rehob, die koning van

**HFST. 7**

a 1Kr 17:23; Ps 89:28
b 1Kr 17:24; 1Kr 29:11; Ps 72:19; Mt 6:9; Joh 12:28
c 2Sa 6:18; Jes 9:7
d Ge 49:10; Jer 33:22
e 2Sa 7:11
f 1Kr 17:25; Ps 10:17
g Nu 23:19; 1Kn 2:4; Ps 89:35; Ps 132:11; Jes 55:11; Joh 17:17; Tit 1:2
h 1Kr 17:26
i 1Kr 17:27
j Ps 89:36; Ps 132:12
k 2Sa 22:51; Ps 72:17

**HFST. 8**

l Jos 13:2; 2Sa 21:15
m 2Sa 22:18; 1Kr 18:1
n Nu 24:17; Rig 3:29; 1Sa 14:47; Ps 60:8
o De 23:4; De 23:6
p 1Kr 18:2
q 2Kn 3:4; 2Kr 26:8; Ps 72:10
r 1Kr 18:3
s 1Sa 14:47; 2Sa 10:6; 1Kn 11:23; Ps 60:Ops
t Ge 15:18; Eks 23:31; De 11:24; 1Kn 4:21; Ps 72:8

**Tweede kol.**

a 1Kr 18:4
b De 17:16; Ps 20:7; Ps 33:17
c Jos 11:6
d 1Kn 11:24; Jes 7:8
e 1Kr 18:5
f 1Sa 13:3
g 1Kr 18:6
h De 7:24; 2Sa 8:14; 1Kr 18:13
i 1Kr 18:7; Lu 11:22
j 1Kr 18:8
k 2Kn 14:28
l 1Kr 18:9
m Ge 43:27; Jes 39:1
n 1Kr 18:10

o Jos 6:19; 1Kn 7:51; 1Kr 18:11; 1Kr 22:14; 1Kr 26:27; p 2Sa 8:2; q 2Sa 8:1; r 1Sa 30:18.

Soba.[a] **13** En Dawid het naam
gemaak toe hy teruggekom het
nadat hy die Edomiete in die
Soutvallei verslaan het[b]—ag-
tienduisend.[c] **14** En hy het
garnisoene in Edom geplaas.[d]
In die hele Edom het hy gar-
nisoene geplaas, en al die Edo-
miete het knegte van Dawid ge-
word;[e] en Jehovah het Dawid
gered waar hy ook al gegaan
het.[f]

**15** En Dawid het oor die hele
Israel bly regeer;[g] en Dawid
het voortdurend regterlike be-
slissings gelewer en regverdig-
heid[h] uitgeoefen vir sy hele
volk.[i] **16** En Joab,[j] die seun
van Seru′ja, was oor die leër; en
Jo′safat,[k] die seun van Ahi′lud,
was kroniekskrywer. **17** En
Sadok,[l] die seun van Ahi′tub,
en Ahime′leg,[m] die seun van Ab-
ja′tar, was priesters, en Sera′-
ja was sekretaris. **18** En Be-
na′ja,[n] die seun van Jo′jada, was
oor die Keretiete[o] en die Pele-
tiete.[p] Wat die seuns van Dawid
betref, hulle het priesters ge-
word.[q]

**9** En Dawid het gesê: "Is daar
nog iemand van die huis
van Saul wat oorgebly het, so-
dat ek liefderyke goedhar-
tigheid[r] teenoor hom kan be-
wys ter wille van Jo′natan?"[s]
**2** Die huis van Saul het dan nou
'n kneg gehad met die naam
Siba.[t] En hulle het hom na Da-
wid geroep, en die koning het
toe vir hom gesê: "Is jy Siba?"
waarop hy gesê het: "Ek is u
kneg." **3** En die koning het
gesê: "Is daar niemand meer
van die huis van Saul nie, so-
dat ek die liefderyke goedhar-
tigheid van God teenoor hom
kan bewys?"[u] Hierop het Siba
vir die koning gesê: "Daar is
nog 'n seun van Jo′natan, wie se
voete gebreklik is."[v] **4** Daar-
op het die koning vir hom ge-
sê: "Waar is hy?" Toe het Siba
vir die koning gesê: "Kyk! Hy is
in die huis van Magir,[a] die seun
van Ammi′ël, in Lo-Debar."[b]

**5** Onmiddellik het koning
Dawid gestuur en hom uit die
huis van Magir, die seun van
Ammi′ël, in Lo-Debar, laat haal.
**6** Toe Mefibo′set, die seun van
Jo′natan, die seun van Saul, by
Dawid kom, het hy dadelik op
sy gesig geval en hom neerge-
werp.[c] Toe het Dawid gesê: "Me-
fibo′set!" waarop hy gesê het:
"Hier is u kneg." **7** En Dawid
het vir hom gesê: "Moenie bang
wees nie, want ek sal vir se-
ker liefderyke goedhartigheid[d]
teenoor jou bewys ter wille van
jou vader Jo′natan;[e] en ek sal
al die grond[f] van jou grootvader
Saul aan jou teruggee, en jy sal
voortdurend aan my tafel brood
eet."[g]

**8** Daarop het hy hom neerge-
werp en gesê: "Wat is u kneg,
dat u u aangesig gedraai het
na die dooie hond,[h] soos ek is?"
**9** Die koning het Siba, Saul se
dienaar, toe geroep en vir hom
gesê: "Alles wat aan Saul en aan
sy hele huis behoort het, gee
ek[i] aan die kleinseun van jou
heer. **10** En jy moet die grond
vir hom bewerk, jy en jou seuns
en jou knegte, en jy moet die
insameling doen, en dit sal as
voedsel dien vir dié wat aan die
kleinseun van jou heer behoort,
en hulle sal eet; maar Mefibo′-
set, die kleinseun van jou heer,
sal voortdurend aan my tafel
brood eet."[j]

En Siba het vyftien seuns
en twintig knegte gehad.[k]
**11** Toe het Siba vir die koning
gesê: "Ooreenkomstig alles wat
my heer die koning sy kneg be-
veel, so sal u kneg doen; maar
Mefibo′set[l] eet aan my tafel soos
een van die seuns van die ko-

HFST. 8
a 2Sa 8:7; 1Kr 18:7
b Ps 60:Ops
c 1Kr 18:12
d 2Sa 8:6
e Ge 25:23; Ge 27:29; Ge 27:37; Nu 24:18
f 1Kr 18:13; Ps 37:28; Ps 60:12
g 2Sa 5:3; 2Sa 5:5
h 2Sa 23:3; 1Kn 3:6
i 1Kr 18:14; Spr 29:4; Spr 29:14
j 2Sa 20:23; 1Kr 11:6
k 2Sa 20:24; 1Kn 4:3; 1Kr 18:15
l 2Sa 15:27; 1Kr 6:8; 1Kr 6:53; 1Kr 18:16; 1Kr 24:3
m 1Kr 24:31
n 2Sa 23:20; 1Kn 1:44; 1Kn 2:35; 1Kr 18:17
o 2Sa 15:18
p 2Sa 20:7
q 2Sa 20:26; 1Kn 4:5; 1Kr 18:17

HFST. 9
r Spr 19:22; Mi 6:8; Sag 7:9
s 1Sa 18:3; 1Sa 20:15; 1Sa 20:42; Spr 17:17
t 2Sa 16:1; 2Sa 19:17
u 1Sa 20:14
v 2Sa 4:4; 2Sa 9:13; 2Sa 19:26

Tweede kol.
a 2Sa 17:27
b Jos 13:26
c 1Sa 24:8; 1Sa 25:23
d Job 6:14; Spr 11:17
e 2Sa 9:1
f Rut 4:5
g 2Sa 19:28; 1Kn 2:7; Spr 11:25; Jes 32:8
h 1Sa 24:14; Lu 14:11
i 2Sa 9:1; 2Sa 16:4; 2Sa 19:29
j 2Sa 9:7; 2Sa 19:28
k 2Sa 19:17
l 2Sa 9:3

ning.” **12** En Mefibo′set het ’n
jong seun gehad met die naam
Miga,[a] en almal wat in die huis
van Siba gewoon het, was kneg-
te van Mefibo′set. **13** En Mefi-
bo′set het in Jerusalem gewoon,
want hy het voortdurend aan
die tafel van die koning geëet;[b]
en al twee sy voete was gebrek-
lik.[c]

**10** En daarna het die koning
van die kinders van Am-
mon[d] te sterwe gekom, en sy
seun Hanun het in sy plek be-
gin regeer.[e] **2** Hierop het Da-
wid gesê: “Ek sal liefderyke
goedhartigheid bewys teenoor
Hanun, die seun van Nahas, net
soos sy vader liefderyke goed-
hartigheid teenoor my bewys
het.”[f] Gevolglik het Dawid deur
middel van sy knegte gestuur[g]
om hom oor sy vader te troos,
en die knegte van Dawid het
in die land van die kinders van
Ammon gekom. **3** Die vorste
van die kinders van Ammon
het egter vir hulle heer Hanun
gesê: “Eer Dawid u vader in u
oë deurdat hy vertroosters na u
toe gestuur het? Is dit nie om
die stad te deursoek en om dit
te verken[h] en om dit te ver-
woes dat Dawid sy knegte na u
toe gestuur het nie?”[i] **4** Daar-
op het Hanun die knegte van
Dawid geneem en die helfte van
hulle baard afgeskeer[j] en hulle
klere in die helfte afgesny tot
by hulle sitvlak en hulle weg-
gestuur.[k] **5** Later het mense
Dawid daarvan vertel, en hy
het dadelik gestuur om hulle te-
gemoet te gaan, want die man-
ne het baie verneder gevoel; en
die koning het gesê: “Bly in
Je′rigo[l] totdat julle baard wel-
ig groei. Dan moet julle terug-
keer.”

**6** Met verloop van tyd het
die kinders van Ammon gesien
dat hulle ’n stank geword het[a]
vir Dawid, en die kinders van
Ammon het gestuur en Siriërs
van Bet-Rehob[b] en Siriërs van
Soba[c] gehuur, twintigduisend
voetsoldate, en die koning van
Ma′äga,[d] duisend man, en Istob,
twaalfduisend man. **7** Toe Da-
wid dit hoor, het hy Joab en
die hele leër en die sterk man-
ne gestuur.[e] **8** En die kinders
van Ammon het begin uittrek
en hulle by die ingang van die
poort in slagorde opgestel, ook
die Siriërs van Soba en van Re-
hob,[f] en Istob en Ma′äga afson-
derlik in die oop veld.[g]

**9** Toe Joab sien dat die
stormaanvalle van voor en van
agter teen hom gerig is, het hy
dadelik uit al die uitgesoekte[h]
manne in Israel ’n aantal ge-
kies en hulle in slagorde op-
gestel om die Siriërs tegemoet
te trek. **10** En die res van die
manskappe het hy in die hand
van sy broer Abi′sai[i] gegee, so-
dat hy hulle in slagorde kon op-
stel om die kinders van Am-
mon[j] tegemoet te trek. **11** En
hy het gesê: “As die Siriërs vir
my te sterk word, dan moet jy
vir my ’n redding wees; maar
as die kinders van Ammon vir
jou te sterk word, dan sal ek
kom om jou te red.[k] **12** Wees
sterk, sodat ons moedig kan
wees[l] ten behoewe van ons volk
en ten behoewe van die stede
van ons God;[m] en wat Jehovah
betref, hy sal doen wat goed is
in sy oë.”[n]

**13** Toe het Joab en die man-
skappe wat by hom was, na die
geveg teen die Siriërs opgeruk,
en hulle het voor hom wegge-
vlug.[o] **14** Wat die kinders van
Ammon betref, hulle het gesien
dat die Siriërs gevlug het, en
hulle het voor Abi′sai gevlug en
derhalwe in die stad ingekom.[p]

**HFST. 9**
a 1Kr 8:34 1Kr 9:40
b 2Sa 9:7 2Sa 19:28
c 2Sa 4:4

**HFST. 10**
d Ge 19:38 Rig 10:7 Rig 11:12 Rig 11:33 1Sa 11:1
e 1Kr 19:1
f 1Kr 19:2
g 2Sa 2:5
h Ge 42:9 Nu 13:2 Jos 2:1
i 1Kr 19:3
j Le 19:27
k 1Kr 19:4
l Jos 6:24 Jos 18:21 1Kr 19:5

**Tweede kol.**
a Ge 34:30 Eks 5:21 1Sa 13:4 1Sa 27:12
b Nu 13:21
c 2Sa 8:5 1Kr 19:6
d Jos 13:13 1Kr 19:7
e 2Sa 23:8 1Kr 19:8
f Nu 13:21
g 1Kr 19:9
h 1Kr 19:10
i 1Sa 26:6 2Sa 2:18 2Sa 23:18 1Kr 2:16
j Ge 19:38 Nu 21:24 1Kr 19:11
k 1Kr 19:12 Spr 20:18
l De 31:6 2Kr 32:7
m 1Kr 19:13
n 1Sa 3:18 1Sa 14:6 2Sa 15:26 Ps 37:5 Ps 44:5 Spr 29:25
o 1Kr 19:14
p 1Kr 19:15

Daarna het Joab teruggekeer
van die kinders van Ammon af
en na Jerusalem gekom.[a]
**15** Toe die Siriërs sien dat
hulle voor Israel verslaan is, het
hulle hulle versamel. **16** En
Hadade′ser[b] het gestuur en die
Siriërs uitgebring wat in die
streek van die Rivier was;[c] en
toe het hulle by Helam gekom,
met Sobag,[d] die leërhoof van
Hadade′ser, voor hulle.
**17** Toe daar aan Dawid berig
gebring is, het hy onmiddellik
die hele Israel versamel en deur
die Jordaan getrek en by Helam
gekom. Die Siriërs het hulle toe
in slagorde opgestel om Dawid
tegemoet te trek en het teen
hom begin veg.[e] **18** En die Si-
riërs het voor Israel gevlug;[f] en
Dawid het van die Siriërs sewe-
honderd strydwadrywers[g] en
veertigduisend ruiters doodge-
maak, en Sobag, hulle leër-
hoof, het hy neergeslaan sodat
hy daar gesterf het.[h] **19** Toe
al die konings,[i] die knegte van
Hadade′ser, sien dat hulle voor
Israel verslaan is,[j] het hulle da-
delik met Israel vrede gemaak
en hulle begin dien;[k] en die Si-
riërs was bang om die kinders
van Ammon weer te probeer
red.[l]

**11** En by die jaarwisseling,[m]
teen die tyd dat konings
uittrek,[n] het Dawid Joab en sy
knegte saam met hom en die
hele Israel gestuur, sodat hul-
le die kinders van Ammon kon
verdelg[o] en Rabba kon beleër,[p]
terwyl Dawid in Jerusalem ge-
bly het.
**2** En teen die aand het Da-
wid van sy bed af opgestaan en
op die dak[q] van die koning se
huis gaan rondloop; en van die
dak af het hy ’n vrou gesien[r]
wat bad, en die vrou was baie
mooi in voorkoms.[s] **3** Toe het
Dawid oor die vrou navraag
laat doen,[a] en iemand het gesê:
“Is dit nie Bat′seba,[b] die dogter
van Eli′am,[c] die vrou van Uri′a,[d]
die Hetiet,[e] nie?” **4** Daarna
het Dawid boodskappers ge-
stuur sodat hy haar kon neem.[f]
Toe het sy by hom gekom,[g] en
hy het by haar gaan lê,[h] terwyl
sy haar nog van haar onrein-
heid geheilig het.[i] Later het sy
na haar huis teruggekeer.
**5** En die vrou het swanger
geword. Gevolglik het sy ge-
stuur en Dawid vertel en gesê:
“Ek is swanger.” **6** Hierop het
Dawid na Joab gestuur en gesê:
“Stuur Uri′a, die Hetiet, na my
toe.” En Joab het Uri′a na Da-
wid toe gestuur. **7** Toe Uri′a
by hom kom, het Dawid be-
gin vra hoe dit met Joab gaan
en hoe dit met die manskappe
gaan en hoe dit met die oor-
log gaan. **8** Uiteindelik het
Dawid vir Uri′a gesê: “Gaan af
na jou huis en was jou voe-
te.”[j] Daarop het Uri′a uit die ko-
ning se huis uitgegaan, en die
welwillendheidsgeskenk van
die koning het hom gevolg.
**9** Uri′a het egter by die ingang
van die koning se huis by al die
ander knegte van sy heer gaan
lê, en hy het nie na sy eie huis
afgegaan nie. **10** Toe het hul-
le Dawid vertel en gesê: “Uri′a
het nie na sy eie huis afgegaan
nie.” Daarop het Dawid vir
Uri′a gesê: “Jy het van ’n reis
af ingekom, nie waar nie? Waar-
om het jy nie na jou eie huis
afgegaan nie?” **11** Hierop het
Uri′a vir Dawid gesê: “Die Ark[k]
en Israel en Juda woon in hut-
te, en my heer Joab en die kneg-
te van my heer[l] het in die veld
kamp opgeslaan, en ek—sal ek
in my eie huis ingaan om te eet
en te drink en om by my vrou te
gaan lê?[m] So waar as u lewe en

**HFST. 10**
a 2Sa 5:5
b 2Sa 8:3
c Ge 15:18; Eks 23:31; De 11:24; 2Sa 8:5; 1Kn 4:21; Ps 72:8
d 1Kr 19:16
e 1Kr 19:17
f 2Sa 8:4
g De 20:1; Ps 18:38
h 1Kr 19:18
i 2Sa 10:6
j Ps 18:37
k Ge 15:18; De 20:11; Jos 1:4
l 1Kr 19:19

**HFST. 11**
m 1Kn 20:22; 2Kr 36:10
n 1Sa 8:20; Pr 3:8
o 1Kr 20:1
p 2Sa 12:26
q 1Sa 9:26; Han 10:9
r Job 31:1; Spr 5:20; Mt 5:28
s Spr 6:25

**Tweede kol.**
a 1Ko 10:12; Jak 1:14
b 2Sa 12:24; 1Kn 1:11
c 1Kr 3:5
d 2Sa 23:39; 1Kn 15:5; 1Kr 11:41
e Ge 10:15; Ge 15:20; De 20:17
f Eks 20:17; Le 19:11; 1Ko 7:1
g Pr 8:4
h Eks 20:14; Le 18:20; Le 20:10; De 22:22; Spr 6:32; Heb 13:4; Jak 1:15
i Le 12:2; Le 15:19; Le 15:29; Le 18:19
j 1Sa 25:41
k 2Sa 6:17; 2Sa 7:2
l 2Sa 20:6
m Le 15:16; De 23:9; 1Sa 21:5

so waar as u siel lewe,[a] ek sal dit nie doen nie!”

**12** Toe het Dawid vir Uri′a gesê: “Bly vandag ook hier, en môre sal ek jou wegstuur.” Daarom het Uri′a dié dag en die volgende dag in Jerusalem gebly. **13** Verder het Dawid hom geroep sodat hy voor hom kon eet en drink. En hy het hom dronk gemaak.[b] Hy het nietemin in die aand uitgegaan om by die knegte van sy heer op sy bed te gaan lê, en hy het nie na sy eie huis afgegaan nie. **14** En in die oggend het Dawid ’n brief aan Joab geskryf[c] en dit deur die hand van Uri′a gestuur. **15** Toe het hy in die brief geskryf en gesê:[d] “SIT Uri′a aan die voorpunt van die hewigste stormaanvalle,[e] en julle moet agter hom terugtrek, en hy moet neergeslaan word en sterf.”[f]

**16** En terwyl Joab oor die stad wag gehou het, het hy Uri′a op die plek gehou waar hy geweet het dat daar dapper manne was.[g] **17** Toe die manne van die stad uittrek en teen Joab veg, het party van die manskappe, die knegte van Dawid, geval, en Uri′a, die Hetiet, het ook gesterf.[h] **18** Joab het toe gestuur om oor al die oorlogsake aan Dawid berig te bring. **19** En hy het die boodskapper beveel en gesê: “Sodra jy klaar met die koning oor al die oorlogsake gepraat het, **20** as die woede van die koning dan opkom en hy vir jou sê: ‘Waarom moes julle so naby die stad gaan om te veg? Het julle nie geweet dat hulle bo van die muur af sou skiet nie? **21** Wie het Abime′leg,[i] die seun van Jerubbe′set,[j] doodgemaak? Was dit nie ’n vrou wat bo van die muur af ’n boonste meulsteen op hom gegooi het[a] sodat hy in Tebes[b] gesterf het nie? Waarom moes julle so naby die muur gaan?’ dan moet jy sê: ‘U kneg Uri′a, die Hetiet, het ook gesterf.’ ”[c]

**22** Toe het die boodskapper gegaan en gekom en Dawid alles vertel waaroor Joab hom gestuur het. **23** En die boodskapper het vir Dawid gesê: “Die manne het die oorhand oor ons gekry, sodat hulle teen ons uitgetrek het die veld in; maar ons het hulle bly druk tot reg by die ingang van die poort. **24** En die skutters het bo van die muur af op u knegte bly skiet,[d] sodat party van die knegte van die koning gesterf het; en u kneg Uri′a, die Hetiet, het ook gesterf.”[e] **25** Daarop het Dawid vir die boodskapper gesê: “Só moet jy vir Joab sê: ‘Laat hierdie saak nie sleg lyk in jou oë nie, want die swaard verteer[f] die een sowel as die ander. Verskerp jou stryd teen die stad en breek dit af.’[g] En moedig hom aan.”

**26** En die vrou van Uri′a het te hore gekom dat haar man Uri′a gesterf het, en sy het oor haar eienaar[h] begin weeklaag.[i] **27** Toe die routyd[j] verby was, het Dawid onmiddellik gestuur en haar in sy huis opgeneem, en sy het sy vrou geword.[k] Na verloop van tyd het sy vir hom ’n seun gebaar, maar wat Dawid gedoen het, was sleg[l] in die oë[m] van Jehovah.

**12** En Jehovah het Natan[n] na Dawid toe gestuur. En hy het by hom gekom[o] en vir hom gesê: “Daar was twee manne in een stad, die een ryk en die ander arm. **2** Die ryke het ’n baie groot aantal skape en beeste gehad;[p] **3** maar die arme het niks gehad nie,

HFST. 11
a 1Sa 17:55, 1Sa 20:3, 1Sa 25:26, 2Sa 14:19
b Ge 19:33, Spr 20:1, Ho 4:11
c Ps 19:13
d Pr 8:4
e 1Sa 18:17, 1Sa 18:25
f 2Sa 12:9, Ps 51:14, Spr 3:29, Spr 17:13, Sag 8:17, Mr 7:21
g Le 19:17, 1Kr 21:3
h 2Sa 12:9
i Rig 9:52
j Rig 6:32, Rig 7:1

Tweede kol.
a Rig 9:53
b Rig 9:50
c 2Sa 3:34, 2Sa 11:3
d 2Kr 26:15
e 2Sa 11:17
f 2Sa 2:26, Jes 1:20, Jer 2:30, Jer 46:10
g 2Sa 12:26
h Ge 20:3, Jl 1:8
i 2Sa 3:31
j 1Sa 31:13
k 2Sa 5:13, 2Sa 12:9
l Ge 39:9, Ps 5:6, Heb 13:4
m 1Kn 15:5, 1Kr 21:7, Ps 11:4, Jer 32:19, Heb 4:13

HFST. 12
n 1Kn 1:8, 1Kr 17:1, 1Kr 29:29
o Ps 51:Ops
p 2Sa 5:13, 2Sa 15:16

behalwe een ooilam, ’n klein-
tjie, wat hy gekoop het.[a] En hy
het dit aan die lewe gehou, en
dit het by hom en by sy seuns
grootgeword, almal saam. Dit
het van sy stukkie voedsel ge-
eet en uit sy beker gedrink en
in sy boesem gelê, en dit was
vir hom soos ’n dogter. **4** Na
’n ruk het daar ’n besoeker na
die ryk man toe gekom, maar
hy het ontsien om van sy eie
skape en sy eie beeste te neem
om dit gereed te maak vir die
reisiger wat by hom gekom het.
Daarom het hy die ooilam van
die arm man geneem en dit ge-
reedgemaak vir die man wat by
hom gekom het.”[b]

**5** Hierop het Dawid se toorn
hewig teen die man ontvlam,[c]
sodat hy vir Natan gesê het:
“So waar as Jehovah lewe,[d] die
man wat dit doen, verdien om
te sterf![e] **6** En vir die ooi-
lam moet hy viervoudig[f] ver-
goeding gee,[g] omdat hy hierdie
ding gedoen het en omdat hy
nie medelye[h] gehad het nie.”

**7** Toe het Natan vir Dawid
gesê: “U is die man! Só het Je-
hovah, die God van Israel, ge-
sê: ‘Ek het jou as koning oor Is-
rael gesalf,[i] en ek het jou uit die
hand van Saul verlos.[j] **8** En
ek was bereid om aan jou die
huis van jou heer[k] en die vrou-
ens van jou heer[l] in jou boesem
te gee en om aan jou die
huis van Israel en van Juda te
gee.[m] En as dit nie genoeg was
nie, was ek bereid om vir jou
nog sulke dinge sowel as ander
dinge by te voeg.[n] **9** Waarom
het jy die woord van Jehovah
verag deur te doen wat sleg is[o]
in sy oë? Uri′a, die Hetiet, het jy
met die swaard doodgemaak,[p]
en sy vrou het jy vir jou as vrou
geneem,[q] en hom het jy deur
die swaard van die kinders van
Ammon doodgemaak. **10** En
nou sal ’n swaard[a] tot onbepaal-
de tyd nie van jou eie huis wyk
nie,[b] omdat jy my verag het, so-
dat jy die vrou van Uri′a, die He-
tiet, geneem het om jou vrou te
word.’ **11** Só het Jehovah ge-
sê: ‘Kyk, ek verwek rampspoed
teen jou uit jou eie huis;[c] en
ek sal jou vrouens voor jou oë
neem en hulle aan jou mede-
mens gee,[d] en hy sal beslis by
jou vrouens gaan lê voor die oë
van hierdie son.[e] **12** Hoewel
jy in die geheim gehandel het,[f]
sal ék hierdie ding voor die hele
Israel[g] en voor die son doen.’ ”[h]

**13** Dawid het toe vir Natan
gesê:[i] “Ek het teen Jehovah ge-
sondig.”[j] Hierop het Natan vir
Dawid gesê: “En Jehovah sien u
sonde oor.[k] U sal nie sterf nie.[l]
**14** Maar omdat u Jehovah deur
hierdie saak ongetwyfeld met
minagting bejeën het,[m] sal ook
die seun, wat pas vir u gebore
is, sekerlik sterf.”[n]

**15** Toe het Natan na sy eie
huis gegaan.

En Jehovah het die kind wat
die vrou van Uri′a vir Dawid ge-
baar het, getref[o] sodat hy siek
geword het. **16** En Dawid het
die ware God ten behoewe van
die seun begin soek, en Dawid
het streng begin vas[p] en inge-
kom en die nag deurgebring en
op die grond gelê.[q] **17** Toe het
die ouer manne van sy huis oor
hom gaan staan om hom van
die grond af op te help, maar
hy wou nie en het nie saam met
hulle brood geëet nie.[r] **18** En
op die sewende dag het die
kind uiteindelik gesterf. En die
knegte van Dawid was bang om
hom te vertel dat die kind ge-
sterf het; want hulle het gesê:
“Kyk! Terwyl die kind nog ge-
lewe het, het ons met hom ge-
praat, en hy het nie na ons

**HFST. 12**

a 2Sa 11:3 Spr 5:15
b 2Sa 11:4
c Lu 6:41
d De 6:13
e 1Sa 26:16
f Eks 22:1
g Eks 21:34
h 2Sa 21:7
i 1Sa 16:13 2Sa 7:8
j 1Sa 18:11 1Sa 19:10 1Sa 23:14 Ps 18:Ops
k 1Sa 13:14 1Sa 15:28
l 2Sa 3:7 1Kn 2:22
m 2Sa 2:4 2Sa 5:5
n 2Sa 7:19 Ps 84:11 Jak 1:17
o Eks 20:13 Eks 20:14 Eks 20:17
p 2Sa 11:15
q 2Sa 11:27 Heb 13:4

**Tweede kol.**

a 2Sa 13:32 2Sa 18:33
b Nu 14:18 Ga 6:7
c 2Sa 12:19 2Sa 13:14 2Sa 15:14
d Eks 21:24 Job 31:10 Job 34:11
e 2Sa 16:21
f 2Sa 11:4 2Sa 11:8 2Sa 11:13 2Sa 11:15
g 2Sa 16:22
h Mt 10:26 Lu 12:2
i Ps 51:Ops
j Ge 39:9 Ps 32:5 Ps 38:3 Ps 51:4 Spr 28:13
k Eks 34:6 Ps 32:1 Ps 130:4 Mi 7:18
l Le 20:10 Ps 103:10
m Ps 51:4
n Eks 34:7 De 23:2 Ps 89:32 Spr 3:11 Heb 12:6
o 1Sa 25:38 2Sa 24:15
p 2Sa 12:22 Jon 3:9
q 2Sa 13:31
r 2Sa 3:35

stem geluister nie; hoe kan ons
dan vir hom sê: 'Die kind het
gesterf'? Dan sal hy beslis iets
slegs doen."
**19** Toe Dawid sien dat sy
knegte onder mekaar fluister,
het Dawid begin besef dat die
kind gesterf het. Daarom het
Dawid vir sy knegte gesê: "Het
die kind gesterf?" Hierop het
hulle gesê: "Hy het gesterf."
**20** Toe het Dawid van die grond
af opgestaan en hom gewas en
hom met olie ingevryf[a] en an-
der mantels aangetrek en na die
huis[b] van Jehovah gegaan en
hom neergewerp;[c] waarna hy in
sy eie huis ingekom het en ge-
vra het, en hulle het dadelik
brood voor hom gesit, en hy het
begin eet. **21** Gevolglik het sy
knegte vir hom gesê: "Wat bete-
ken dít wat u gedoen het? Ter-
wyl die kind gelewe het, het u
ter wille van hom gevas en bly
huil; en net toe die kind gesterf
het, het u opgestaan en brood
begin eet." **22** Hierop het hy
gesê: "Terwyl die kind nog ge-
lewe het, het ek gevas[d] en het
ek bly huil,[e] omdat ek by my-
self gesê het: 'Wie weet of Je-
hovah aan my guns sal betoon
en die kind sekerlik sal lewe?'[f]
**23** Waarom sou ek vas noudat
hy gesterf het? Kan ek hom
weer terugbring?[g] Ek gaan na
hom toe,[h] maar wat hom betref,
hy sal nie na my toe terugkeer
nie."[i]
**24** En Dawid het sy vrou
Bat'seba[j] begin troos. En hy het
by haar gekom en by haar gaan
lê. Na verloop van tyd het sy
'n seun gebaar,[k] en hy is Sa-
lomo[l] genoem. En Jehovah het
hom liefgehad.[m] **25** Toe het
hy deur middel van die profeet
Natan gestuur[n] en hom Jedid'-
ja genoem, ter wille van Jeho-
vah.

**26** En Joab[a] het teen Rab-
ba[b] van die kinders van Am-
mon bly veg en het die stad
van die koninkryk ingeneem.
**27** Toe het Joab boodskappers
na Dawid toe gestuur en ge-
sê: "Ek het teen Rabba geveg.[c]
Ek het ook die waterstad in-
geneem. **28** En versamel dan
nou die res van die manskappe
en slaan teen die stad kamp op
en neem dit in; sodat ék nie die
stad inneem en my naam daar-
oor uitgeroep hoef te word nie."
**29** Daarop het Dawid al die
manskappe versamel en na
Rabba gegaan en daarteen ge-
veg en dit ingeneem. **30** En
hy het die kroon van Malkam
van sy kop afgeneem,[d] waarvan
die gewig 'n talent goud was,
met edelstene; en dit het op Da-
wid se kop gekom. En die buit[e]
van die stad wat hy uitgebring
het, was baie groot. **31** En die
mense wat daarin was, het hy
uitgebring sodat hy hulle kon
gebruik om klippe te saag en
om met skerp ysterwerktuie[f]
en met ysterbyle te werk, en
hy het hulle met steenmakery
laat diens doen. En so het hy
met al die stede van die kinders
van Ammon gedoen. Uiteinde-
lik het Dawid en al die mense
na Jerusalem teruggekeer.

**13** En ná hierdie dinge het
dít gebeur: Absalom,[g] die
seun van Dawid, het 'n pragtige
suster gehad met die naam Ta-
mar,[h] en Amnon,[i] die seun van
Dawid, het op haar verlief ge-
raak.[j] **2** En dit het Amnon so
ontstel dat hy siek gevoel het[k]
weens sy suster Tamar, want
sy was 'n maagd, en in die oë
van Amnon was dit moeilik[l] om
hoegenaamd enigiets aan haar
te doen.[m] **3** En Amnon het 'n
metgesel gehad met die naam
Jo'nadab,[n] die seun van Simea,[o]

**HFST. 12**
a Rut 3:3; 2Sa 14:2
b 2Sa 6:17; Ps 5:7
c Ge 24:26; 1Kr 29:20; Ne 8:6; Ps 95:6
d 2Sa 12:16; Jl 1:14
e Jes 38:3
f Jes 38:5; Jl 2:14; Am 5:15; Jon 3:9
g Pr 9:6; Jes 26:14
h Job 30:23; Pr 3:20; Pr 9:10; Han 2:29; Han 2:34; Han 13:36; Ro 5:12
i Pr 9:5
j 2Sa 11:3; 2Sa 12:9
k Ps 127:3
l 1Kr 3:5; 1Kr 22:9; 1Kr 28:5; Mt 1:6
m 2Sa 7:12; 1Kr 29:1
n 2Sa 7:4; 2Sa 12:1; 1Kn 1:8

**Tweede kol.**
a 2Sa 11:25; 1Kr 20:1
b De 3:11; De 23:6; Jos 13:25; Jer 49:3
c 2Sa 11:1
d 1Kr 20:2
e Jos 22:8; 1Sa 30:20; 2Sa 3:22; 2Sa 8:11
f 1Kr 20:3

**HFST. 13**
g 2Sa 3:3; 1Kr 3:2
h 1Kr 3:9
i 2Sa 3:2; 1Kr 3:1
j Ge 34:3; Mt 5:28
k Spr 4:23; Kol 3:5
l 2Pe 2:14
m Spr 11:19
n 2Sa 13:35
o 1Sa 16:9; 1Kr 2:13

Dawid se broer; en Jo′nadab
was ’n baie wyse man. **4** Toe
het hy vir hom gesê: “Waar-
om is jy, die seun van die ko-
ning, oggend na oggend so be-
druk? Sal jy my nie vertel nie?”[a]
Hierop het Amnon vir hom ge-
sê: “Ek is verlief[b] op Tamar, die
suster[c] van my broer Absalom.”
**5** Daarop het Jo′nadab vir hom
gesê: “Gaan lê op jou bed en
hou jou siek.[d] En jou vader sal
jou beslis kom sien, en jy moet
vir hom sê: ‘Laat my suster Ta-
mar asseblief inkom en aan my
brood gee as ’n sieke, en sy sal
die brood van vertroosting voor
my oë moet maak sodat ek dit
kan sien, en ek sal uit haar
hand moet eet.’ ”[e]

**6** En Amnon het gaan lê en
hom siek gehou,[f] en die ko-
ning het dus ingekom om hom
te sien. Toe het Amnon vir die
koning gesê: “Laat my suster
Tamar asseblief inkom en voor
my oë twee hartvormige koe-
ke bak, sodat ek as ’n sieke
brood uit haar hand kan neem.”
**7** Daarop het Dawid na Ta-
mar in die huis gestuur en ge-
sê: “Gaan asseblief na die huis
van jou broer Amnon en maak
vir hom die brood van vertroos-
ting.” **8** En Tamar het na die
huis van haar broer Amnon[g] ge-
gaan terwyl hy gelê het. Toe
het sy die deeg geneem en dit
geknie en die koeke voor sy
oë gemaak en die hartvormi-
ge koeke gaargemaak. **9** Uit-
eindelik het sy die diep pan
geneem en dit voor hom uitge-
gooi, maar Amnon het geweier
om te eet en gesê: “LAAT almal
van my af weggaan!”[h] Toe het
almal van hom af weggegaan.

**10** Amnon het toe vir Ta-
mar gesê: “Bring die brood van
vertroosting na die binneka-
mer, sodat ek dit as ’n sieke
uit jou hand kan neem.” Daarop
het Tamar die hartvormige koe-
ke wat sy gemaak het, geneem
en dit na haar broer Amnon
in die binnekamer ingebring.
**11** Toe sy naby hom kom so-
dat hy kon eet, het hy haar da-
delik gegryp[a] en vir haar gesê:
“Kom, lê[b] by my, my suster.”[c]
**12** Sy het egter vir hom gesê:
“Nee, my broer! Moenie my ver-
neder nie;[d] want dit is nie ge-
bruiklik om so iets in Israel te
doen nie.[e] Moenie hierdie skan-
delike dwaasheid begaan nie.[f]
**13** En ek—waarheen sal ek my
smaad laat gaan? En jy—jy sal
soos een van die verstandelose
manne in Israel word. En praat
nou asseblief met die koning;
want hy sal my nie van jou
terughou nie.” **14** En hy wou
nie na haar stem luister nie,
maar het krag gebruik wat gro-
ter as hare was en haar ver-
neder[g] en by haar gaan lê.[h]
**15** En Amnon het haar begin
haat met ’n baie groot haat,
want die haat waarmee hy haar
gehaat het, was groter as die
liefde waarmee hy haar liefge-
had het, sodat Amnon vir haar
gesê het: “Staan op, gaan weg!”
**16** Hierop het sy vir hom ge-
sê: “Nee, my broer; want hierdie
kwaad om my weg te stuur, is
groter as die ander wat jy my
aangedoen het!” En hy wou nie
na haar luister nie.

**17** Daarop het hy sy dienaar
wat hom versorg het, geroep en
gesê: “Stuur hierdie vrou asse-
blief van my af weg buitentoe,
en sluit die deur agter haar.”
**18** (En sy het ’n gestreepte[i]
kleed aangehad; want so het
die dogters van die koning, die
maagde, hulle gewoonlik ge-
klee, in moulose oorklere.) En
sy bediende het haar buitentoe
gelei, en hy het die deur agter

HFST. 13
a 1Kn 21:5
b Le 20:17; Mt 15:19; 1Te 4:5
c Le 18:9
d Spr 24:8
e Ps 50:19
f Ps 10:9
g 1Kr 3:1; 1Kr 3:9
h Job 24:15; Joh 3:20

Tweede kol.
a Ge 39:12
b Ge 39:7
c De 27:22; Ese 22:11
d Ge 34:2
e Le 18:9; Le 20:17
f Ge 34:7; Rig 20:6; Spr 7:7
g Le 18:9; Le 18:29
h Jak 1:15
i Ge 37:3

haar gesluit. **19** Toe het Ta-
mar as[a] op haar kop gesit, en
die gestreepte kleed wat sy aan-
gehad het, het sy geskeur; en
sy het haar hande op haar
kop gehou[b] en weggeloop, al
skreeuende terwyl sy loop.

**20** Hierop het haar broer Ab-
salom[c] vir haar gesê: "Was jou
broer Amnon[d] by jou? Bly dan
nou stil, my suster. Hy is jou
broer.[e] Moenie jou hart op hier-
die saak rig nie." En Tamar
het in die huis van haar broer
Absalom begin woon, terwyl
sy van die geselskap van an-
der weggehou is. **21** En ko-
ning Dawid het van al hier-
die dinge gehoor,[f] en hy het
baie kwaad geword.[g] **22** En
Absalom het met Amnon geen
kwaad of goed gepraat nie;
want Absalom het Amnon ge-
haat[h] omdat hy sy suster Tamar
verneder het.

**23** En ná twee volle jare het
Absalom skaapskeerders[i] by
Baäl-Hasor gehad, wat naby
E′fraim[j] is; en Absalom het al
die seuns van die koning ge-
nooi.[k] **24** Toe het Absalom by
die koning gekom en gesê: "Kyk
tog, u kneg het skaapskeer-
ders! Laat die koning, en ook
sy knegte, asseblief saam met
u kneg gaan." **25** Maar die ko-
ning het vir Absalom gesê:
"Nee, my seun! Laat ons asse-
blief nie almal gaan nie, sodat
ons nie vir jou 'n las sal wees
nie." Hoewel hy by hom aan-
gedring het,[l] wou hy nie gaan
nie, maar het hom geseën.[m]
**26** Uiteindelik het Absalom ge-
sê: "As u nie gaan nie, laat
dan asseblief my broer Amnon
saam met ons gaan."[n] Hierop
het die koning vir hom gesê:
"Waarom moet hy saam met jou
gaan?" **27** En Absalom het by
hom begin aandring,[o] sodat hy
Amnon en al die seuns van die
koning saam met hom gestuur
het.

**28** Toe het Absalom sy die-
naars beveel en gesê: "Let asse-
blief op, sodra Amnon se hart in
'n vrolike stemming is van die
wyn[a] en ek beslis vir julle sal sê:
'Slaan Amnon neer!' dan moet
julle hom doodmaak. Moenie
bang wees nie.[b] Het ék julle nie
beveel nie? Wees sterk en wees
dapper manne." **29** En Absa-
lom se dienaars het aan Amnon
gedoen net soos Absalom beveel
het;[c] en al die ander seuns van
die koning het begin opstaan en
het elkeen op sy muil geklim
en gevlug. **30** En terwyl hul-
le op pad was, is daar aan Da-
wid berig gebring en gesê: "Ab-
salom het al die seuns van die
koning doodgemaak, en nie een
van hulle het oorgebly nie."
**31** Hierop het die koning opge-
staan en sy klere geskeur[d] en
op die grond gaan lê,[e] en al sy
knegte het met geskeurde kle-
re[f] daar gestaan.

**32** Maar Jo′nadab,[g] die seun
van Dawid se broer Simea,[h] het
geantwoord en gesê: "Laat my
heer nie dink dat hulle al die
jong manne, die seuns van die
koning, doodgemaak het nie,
want Amnon alleen het ge-
sterf,[i] want dit het op bevel van
Absalom gebeur as iets wat be-
stem was[j] van die dag af dat hy
sy suster Tamar[k] verneder het.[l]
**33** En laat my heer die koning
nou nie die woord ter harte
neem waardeur gesê word: 'Al
die koning se seuns het gesterf'
nie; maar Amnon alleen het ge-
sterf."

**34** Intussen het Absalom ge-
vlug.[m] Later het die jong man,
die wag,[n] sy oë opgeslaan en ge-
sien, en kyk! daar het baie men-
se gekom van die pad agter

**HFST. 13**

a Jos 7:6, Est 4:1, Job 2:8, Jer 6:26
b Jer 2:37
c 2Sa 3:3, 2Sa 13:1
d 2Sa 3:2, 1Kr 3:1
e Le 18:9, De 27:22
f 1Sa 2:24
g Spr 19:13
h Ge 34:7, Le 19:17, Spr 18:19, Spr 26:24, Ef 4:26, 1Jo 3:15
i 1Sa 25:4, 1Sa 25:11
j Joh 11:54
k 1Kn 1:9, 1Kn 1:19, 1Kn 1:25
l Han 18:20
m Rut 2:4
n Ps 55:21, Spr 10:18, Spr 26:24
o Spr 26:25, Spr 26:26

**Tweede kol.**

a Rut 3:7, 1Sa 25:36, Est 1:10, Ps 104:15, Pr 2:3, Pr 10:19
b 1Sa 28:10, 1Sa 28:13
c 1Sa 22:18, 1Kn 21:11
d Ge 37:34, 2Sa 3:31
e 2Sa 12:16
f 2Sa 1:11
g 2Sa 13:3
h 1Sa 16:9, 1Kr 2:13
i 2Sa 12:10
j Ge 27:41, Ps 7:14, Spr 18:19
k Le 18:9, Le 18:29
l 2Sa 13:14
m 2Sa 13:38, Spr 28:17
n 2Sa 18:24, 2Kn 9:17

hom, aan die kant van die berg.
35 Hierop het Jo′nadab[a] vir die
koning gesê: “Kyk! Die koning
se seuns het ingekom. Ooreen-
komstig die woord van u kneg,
so het dit gebeur.”[b] 36 En net
toe hy klaar gepraat het, kyk,
toe het die koning se seuns in-
gekom, en hulle het hulle stem
begin verhef en gehuil; en ook
die koning en al sy knegte het
gehuil met ’n baie groot ge-
huil. 37 Wat Absalom betref,
hy het gevlug om na Talmai,[c]
die seun van Ammi′hud, die ko-
ning van Gesur,[d] toe te gaan.
En Dawid het al die dae oor sy
seun bly treur.[e] 38 Wat Absa-
lom betref, hy het gevlug en na
Gesur[f] gegaan; en hy was drie
jaar daar.

39 Uiteindelik het die siel
van koning Dawid verlang om
na Absalom uit te gaan; want
hy het homself getroos oor Am-
non, omdat hy dood was.

**14** En Joab,[g] die seun van
Seru′ja,[h] het te wete ge-
kom dat die koning se hart na
Absalom verlang.[i] 2 Toe het
Joab na Teko′a[j] gestuur en daar-
vandaan ’n wyse[k] vrou geneem
en vir haar gesê: “Gaan asse-
blief in die rou, en trek asseblief
rouklere aan, en moet jou nie
met olie invryf nie;[l] en jy moet
soos ’n vrou word wat al baie
dae oor ’n dooie treur.[m] 3 En
jy moet na die koning toe gaan
en volgens hierdie woord met
hom praat.” Daarop het Joab
die woorde in haar mond gelê.[n]

4 En die Tekoïtiese vrou het
na die koning toe gegaan en
op haar gesig op die aarde ge-
val[o] en haar neergewerp en ge-
sê: “Red tog,[p] o koning!” 5 Toe
het die koning vir haar gesê:
“Wat makeer jou?” Hierop het
sy gesê: “Voorwaar, ek is ’n we-
duwee,[a] noudat my man dood is.
6 En u diensmeisie het twee
seuns gehad, en hulle twee het
in die veld met mekaar be-
gin baklei[b] terwyl daar geen
verlosser[c] was om hulle uit-
mekaar te maak nie. Uiteinde-
lik het die een die ander neer-
geslaan en hom doodgemaak.
7 En kyk, die hele familie het
teen u diensmeisie opgestaan,
en hulle bly sê: ‘Gee die een wat
sy broer doodgeslaan het, sodat
ons hom kan doodmaak vir die
siel van sy broer[d] wat hy dood-
gemaak het,[e] en laat ons ook die
erfgenaam verdelg!’ En hulle sal
beslis die gloed van my hout-
skool wat oorgebly het, uitdoof
om aan my man geen naam of ’n
oorblyfsel op die oppervlak van
die aarde toe te ken nie.”[f]

8 Toe het die koning vir die
vrou gesê: “Gaan na jou huis
toe, en ek sal aangaande jou
bevel gee.”[g] 9 Hierop het die
Tekoïtiese vrou vir die koning
gesê: “Op my, o my heer die ko-
ning, is die oortreding, en ook
op die huis van my vader,[h] ter-
wyl die koning en sy troon
onskuldig is.” 10 En die ko-
ning het gesê: “As enigiemand
met jou praat, moet jy hom
ook na my toe bring, en hy
sal jou nooit weer kwaad aan-
doen nie.” 11 Maar sy het ge-
sê: “Laat die koning asseblief
aan Jehovah u God dink,[i] so-
dat die bloedwreker[j] nie voort-
durend verwoesting sal aan-
rig en sodat hulle my seun nie
sal verdelg nie.” Hierop het
hy gesê: “So waar as Jehovah
lewe,[k] nie ’n enkele haar[l] van
jou seun sal op die aarde val
nie.” 12 Die vrou het toe ge-
sê: “Laat u diensmeisie[m] asse-
blief ’n woord met my heer die
koning spreek.”[n] Daarom het
hy gesê: “Spreek!”[o]

HFST. 13
a 2Sa 13:3
b 2Sa 13:32
c 2Sa 3:3
d 1Kr 3:2
e Pr 7:2
f De 3:14
Jos 12:5
2Sa 14:23
2Sa 15:8

HFST. 14
g 2Sa 2:18
h 1Kr 2:16
i 2Sa 13:39
2Sa 18:33
2Sa 19:2
j 2Kr 11:6
2Kr 20:20
Ne 3:5
Am 1:1
k 2Sa 20:16
l Pr 9:8
Da 10:3
m Ge 27:41
n 2Sa 14:19
o 1Sa 24:8
2Sa 1:2
p 2Kn 6:26
Mt 21:9

Tweede kol.
a Eks 22:22
Jak 1:27
b Ge 4:8
Eks 2:13
c Eks 2:14
d Ge 4:14
e Nu 35:19
De 19:12
f Nu 27:4
De 25:6
g 1Sa 8:20
h Ge 27:13
1Sa 25:24
i Ge 14:22
Ge 24:3
j Nu 35:19
Nu 35:27
De 19:6
k De 6:13
1Sa 28:10
Pr 8:4
l 1Sa 14:45
1Kn 1:52
Han 27:34
m 1Sa 25:41
n Ge 44:18
o Han 26:1

**13** En die vrou het gesê:
“Waarom het u dan so iets[a] teen
die volk van God[b] bedink? Ter-
wyl die koning hierdie woord
spreek, is hy soos ’n skuldi-
ge,[c] deurdat die koning sy eie
banneling nie terugbring nie.[d]
**14** Want ons sal vir seker sterf[e]
en soos waters wees wat op die
aarde uitgegooi word, wat nie
versamel kan word nie. Maar
God sal nie ’n siel wegneem nie,[f]
en hy het redes uitgedink waar-
om die banneling nie van hom
verban moet word nie. **15** En
dat ek dan nou ingekom het
om hierdie woord met my heer
die koning te spreek, is omdat
die volk my bang gemaak het.
Daarom het u diensmeisie ge-
sê: ‘Laat ek asseblief met die ko-
ning praat. Miskien sal die ko-
ning volgens die woord van sy
slavin handel. **16** Omdat die
koning geluister het om sy sla-
vin te verlos uit die palm van
die man wat my en my enig-
ste seun probeer verdelg uit die
erfdeel wat God gegee het’,[g]
**17** het u diensmeisie toe gesê:
‘Laat die woord van my heer die
koning asseblief dien om rus te
gee.’ Want soos ’n engel[h] van die
ware God, so is my heer die ko-
ning, om te onderskei wat goed
en wat sleg is,[i] en mag Jehovah
u God met u wees.”

**18** Die koning het toe ge-
antwoord en vir die vrou ge-
sê: “Moet asseblief niks vir my
wegsteek waaroor ek jou vra
nie.”[j] Hierop het die vrou ge-
sê: “Laat my heer die koning as-
seblief spreek.” **19** En die ko-
ning het gesê: “Is die hand van
Joab[k] met jou in dit alles?”[l] Toe
het die vrou geantwoord en ge-
sê: “So waar as u siel lewe,[m] o
my heer die koning, niemand
kan regs of links gaan van al-
les wat my heer die koning ge-
sê het nie; want u kneg Joab
het my beveel, en hý het al hier-
die woorde in die mond van u
diensmeisie gelê.[a] **20** U kneg
Joab het dit gedoen om die saak
’n ander voorkoms te gee, maar
my heer is wys soos met die
wysheid van die engel[b] van die
ware God om alles te weet wat
op die aarde is.”

**21** Daarna het die koning vir
Joab gesê: “Nou kyk, ek sal be-
slis hierdie ding doen.[c] Gaan
dan, bring die jong man Ab-
salom terug.”[d] **22** Hierop het
Joab op sy gesig op die aarde ge-
val en hom neergewerp en die
koning geseën;[e] en Joab het ge-
sê: “Vandag weet u kneg dat ek
guns in u oë gevind het,[f] o my
heer die koning, omdat die ko-
ning volgens die woord van sy
kneg gehandel het.” **23** Daar-
op het Joab opgestaan en na Ge-
sur[g] gegaan en Absalom na
Jerusalem gebring.[h] **24** Maar
die koning het gesê: “Laat hy
na sy eie huis uitdraai, maar my
aangesig mag hy nie sien nie.”[i]
Toe het Absalom na sy eie huis
uitgedraai, en die aangesig van
die koning het hy nie gesien nie.

**25** En in vergelyking met
Absalom was daar in die hele Is-
rael geen man so mooi[j] dat hy
soveel geprys is nie. Van die
sool van sy voet tot die kroon
van sy kop was daar geen ge-
brek aan hom nie. **26** En wan-
neer hy sy kop geskeer het—en
aan die einde van elke jaar het
hy dit geskeer; omdat dit vir
hom so swaar was,[k] het hy dit
geskeer—het hy die hare van
sy kop geweeg, tweehonderd
sikkels volgens die koninklike
weegsteen. **27** En daar is vir
Absalom drie seuns[l] gebore en
een dogter met die naam Ta-
mar. Sy was ’n vrou wat beeld-
skoon in voorkoms was.[m]

**HFST. 14**
a De 1:17
b Eks 19:5, Nu 6:27
c 2Sa 12:7
d 2Sa 13:38
e Pr 3:19, Pr 9:5
f De 10:17
g 2Sa 14:2, 2Sa 14:7
h 1Sa 29:9, 2Sa 19:27
i 1Kn 3:9, 1Kn 3:28
j 1Sa 3:17, Ef 4:25
k 2Sa 14:1
l Spr 20:5
m 1Sa 1:26, 1Sa 17:55

**Tweede kol.**
a 2Sa 14:3
b 2Sa 14:17
c 2Sa 14:13
d 2Sa 13:38
e Nu 6:23
f Rut 2:2, 1Sa 20:3, Est 5:8
g De 3:14, 2Sa 3:3, 2Sa 13:37
h 2Sa 5:5
i Eks 10:28, 2Sa 3:13
j 1Sa 9:2
k Pr 9:8
l 2Sa 18:18
m Est 2:7

**28** En Absalom het twee vol-
le jare in Jerusalem gewoon, en
die aangesig van die koning het
hy nie gesien nie.[a] **29** Daar-
om het Absalom Joab laat roep
om hom na die koning toe te
stuur, en hy wou nie na hom toe
kom nie. Toe het hy hom weer
laat roep, 'n tweede keer, en hy
wou nie kom nie. **30** Uitein-
delik het hy vir sy knegte ge-
sê: "Kyk, Joab se stuk land is
langs myne, en hy het gars
daarop. Gaan steek dit aan die
brand."[b] Toe het die knegte
van Absalom die stuk land aan
die brand gesteek.[c] **31** Hier-
op het Joab opgestaan en by
Absalom in die huis gekom en
vir hom gesê: "Waarom het jou
knegte my stuk land aan die
brand gesteek?" **32** Toe het
Absalom vir Joab gesê: "Kyk!
Ek het na jou gestuur en gesê:
'Kom hierheen en laat ek jou
na die koning toe stuur om te
sê: "Waarom het ek van Gesur
af gekom?[d] Dit sou vir my beter
gewees het as ek nog daar was.
En laat my dan nou die aan-
gesig van die koning sien, en
as daar enige ongeregtigheid in
my is,[e] dan moet hy my dood-
maak." ' "

**33** Daarna het Joab by die
koning gekom en dit vir hom ge-
sê. Toe het hy Absalom geroep,
en hy het by die koning gekom
en hom voor hom neergewerp
en voor die koning op sy gesig
op die aarde geval; waarna die
koning Absalom gesoen het.[f]

**15** En ná hierdie dinge het
Absalom vir hom 'n wa
laat maak, met perde en met
vyftig man wat voor hom uit
hardloop.[g] **2** En Absalom het
vroeg opgestaan[h] en langs die
pad na die poort gaan staan.[i]
En wanneer iemand 'n regsaak
gehad het om vir regspraak na
die koning toe te kom,[a] dan
het Absalom hom geroep en ge-
sê: "Uit watter stad is jy?" en
hy het dan gesê: "U kneg is uit
een van die stamme van Israel."
**3** En Absalom het dan vir hom
gesê: "Kyk, jou sake is goed en
reg; maar by die koning hoor
niemand jou aan nie."[b] **4** En
Absalom het verder gesê: "Ag,
as ek maar as regter in die land
aangestel was,[c] sodat elkeen
wat 'n regsaak het of regspraak
nodig het, na my toe kon kom!
Dan sou ek beslis reg aan hom
laat geskied."[d]

**5** En wanneer iemand nader
gekom het om hom voor hom
neer te buig, het hy sy hand uit-
gesteek en hom gegryp[e] en hom
gesoen. **6** En Absalom het so
bly doen aan al die Israeliete
wat vir regspraak na die koning
toe gekom het; en Absalom het
die hart van die manne van Is-
rael bly steel.[f]

**7** En aan die einde van veer-
tig jaar het Absalom vir die ko-
ning gesê: "Laat my asseblief
gaan en in Hebron[g] my gelofte
betaal wat ek plegtig aan Jeho-
vah gedoen het.[h] **8** Want toe
ek in Gesur[i] in Sirië gewoon
het, het u kneg 'n plegtige ge-
lofte gedoen[j] en gesê: 'As Jeho-
vah my vir seker na Jerusalem
terugbring, sal ek ook aan Jeho-
vah diens verrig.' "[k] **9** Toe het
die koning vir hom gesê: "Gaan
in vrede."[l] Daarop het hy opge-
staan en na Hebron gegaan.

**10** Absalom het toe spioene[m]
deur al die stamme van Is-
rael gestuur om te sê: "Sodra
julle die geluid van die horing
hoor, moet julle ook sê: 'Absa-
lom het koning geword[n] in He-
bron!' "[o] **11** En saam met Ab-
salom het daar tweehonderd
man uit Jerusalem getrek, wat
geroep is en niksvermoedend

**HFST. 14**
a 2Sa 14:24
b Eks 22:6 Rig 15:5
c 1Kn 21:11
d 2Sa 14:23
e Ps 36:2
f Ge 45:15

**HFST. 15**
g 1Sa 8:11 1Kn 1:5 Spr 11:2
h Spr 1:16
i De 22:15 De 25:7 Rut 4:1

**Tweede kol.**
a 1Sa 8:20 2Sa 8:15
b Ps 12:2 Spr 30:17 Mt 15:4 2Pe 2:10
c Eks 20:17 Spr 25:6 Mr 7:22
d Ps 12:2 Spr 27:2 2Pe 2:19
e Ps 10:9 Ps 55:21 Spr 26:25
f Spr 11:9 Ro 16:18 2Pe 2:3
g 2Sa 3:2
h Spr 21:27
i 2Sa 13:38 2Sa 14:23
j Le 22:21
k Jer 9:3
l 1Sa 1:17
m 2Sa 13:28 2Sa 14:30
n Job 20:5 Ps 73:18 Mi 7:6 Mt 23:12
o 2Sa 2:1 2Sa 5:1 2Sa 5:5 1Kr 3:4

gegaan het,[a] en hulle het van
hoegenaamd niks geweet nie.
**12** Verder het Absalom, toe hy
die offerandes bring, Agito′fel,[b]
die Giloniet,[c] Dawid se raadge-
wer,[d] uit sy stad Gilo[e] laat roep.
En die sameswering[f] het al hoe
sterker geword, en die mense
by Absalom het voortdurend in
getal toegeneem.[g]

**13** Met verloop van tyd het
’n informant na Dawid toe ge-
kom en gesê: “Die hart[h] van die
manne van Israel is agter Ab-
salom.” **14** Dadelik het Dawid
vir al sy knegte wat by hom in
Jerusalem was, gesê: “Staan op,
en laat ons vlug;[i] want weens
Absalom sal daar vir ons geen
ontkoming wees nie! Gaan gou,
sodat hy hom nie dalk haas en
ons inhaal en kwaad oor ons
bring en die stad met die skerp-
te van die swaard slaan nie!”[j]
**15** Hierop het die koning se
knegte vir die koning gesê:
“Volgens alles wat my heer die
koning mag verkies, hier is u
knegte.”[k] **16** Toe het die ko-
ning uitgetrek met sy hele huis-
gesin agter hom aan,[l] en die
koning het tien vroue, byvrou-
ens,[m] agtergelaat om die huis
op te pas. **17** En die koning
het verder gegaan met al die
mense agter hom aan; en hulle
het by Bet-Merhak gaan staan.

**18** En al sy knegte het langs
hom oorgetrek; en al die Kere-
tiete en al die Peletiete[n] en al
die Gittiete,[o] seshonderd man
wat hom uit Gat[p] gevolg het,
het voor die koning se aange-
sig oorgetrek. **19** Toe het die
koning vir Ittai,[q] die Gittiet,
gesê: “Waarom sou jy ook saam
met ons gaan? Gaan terug[r] en
woon by die koning; want jy is
’n uitlander en jy is buitendien
uit jou plek verban. **20** Gister
het jy gekom, en sal ek jou van-
dag saam met ons laat rond-
swerf,[a] om saam te gaan wan-
neer ek gaan waarheen ek ook
al gaan? Gaan terug en neem
jou broers saam met jou te-
rug, en mag Jehovah liefderyke
goedhartigheid[b] en trou teen-
oor jou bewys!”[c] **21** Maar It-
tai het die koning geantwoord
en gesê: “So waar as Jehovah
lewe en so waar as my heer die
koning lewe,[d] op die plek waar
my heer die koning sal wees,
hetsy vir dood of vir lewe, daar
sal u kneg wees!”[e] **22** Daarop
het Dawid vir Ittai[f] gesê: “Gaan
en trek oor.” Toe het Ittai, die
Gittiet, oorgetrek, en ook al sy
manne en al die kindertjies wat
by hom was.

**23** En al die mense van die
land het met ’n harde stem ge-
huil,[g] en al die mense het oorge-
trek, en die koning het by die
Kidronstroomvallei[h] gestaan,
en al die mense het oorgetrek
met die oop pad na die wilder-
nis. **24** En kyk, Sadok[i] was
ook daar en saam met hom al
die Leviete[j] wat die ark[k] van
die verbond van die ware God
gedra het;[l] en hulle het die ark
van die ware God by Abja′tar[m]
neergesit totdat al die mense
klaar uit die stad oorgetrek
het. **25** Maar die koning het
vir Sadok gesê: “Neem die ark[n]
van die ware God terug na die
stad.[o] As ek guns vind in die oë
van Jehovah, sal hy my ook be-
slis terugbring en my dit en die
verblyfplek daarvan laat sien.[p]
**26** Maar as hy só sou sê: ‘Ek
het geen behae in jou nie’, hier
is ek, laat hy met my doen
net soos dit goed is in sy oë.”[q]
**27** En die koning het verder vir
die priester Sadok gesê: “Jy is
’n siener,[r] nie waar nie? Keer

**HFST. 15**

a Ro 16:18
b 2Sa 16:23; 2Sa 17:14
c 2Sa 23:34
d Ps 41:9; Ps 55:13; Mi 7:5; Joh 13:18
e Jos 15:51
f 2Kn 12:20; 2Kn 17:4; 2Kr 25:27
g Ps 3:1; Ps 43:1; Spr 24:21
h Rig 9:3
i 2Sa 19:9; Ps 3:Ops; Spr 19:26
j 2Sa 12:11
k Spr 18:24; Lu 22:28; Joh 15:14; 1Ko 4:2
l Rig 4:10; 1Sa 25:27
m 2Sa 12:11; 2Sa 16:21; 2Sa 20:3
n 2Sa 8:18; 2Sa 20:7; 1Kn 1:38; 1Kr 18:17
o Jos 13:3
p 1Sa 27:4; 1Kr 18:1
q 2Sa 18:2
r Rut 1:8

**Tweede kol.**

a Heb 11:38
b Ps 25:10; Ps 57:3; Ps 61:7; Ps 85:10; Ps 89:14
c 2Sa 2:6
d 1Sa 20:3; 1Sa 25:26
e Rut 1:17; Spr 17:17; Spr 18:24; Mt 8:19
f 2Sa 18:2
g Ro 12:15
h 1Kn 2:37; 2Kr 30:14; Joh 18:1
i 2Sa 8:17; 2Sa 20:25; 1Kn 1:8; 1Kn 2:35; 1Kn 4:2; 1Kr 6:8
j Nu 8:19; 1Kr 23:32
k Eks 37:1; Le 16:2
l Nu 4:15; Nu 7:9; 1Sa 4:4; 1Kr 15:2
m 1Sa 22:20; 1Sa 30:7
n 1Sa 4:3
o 2Sa 6:17
p 2Sa 7:2; Ps 26:8; Ps 27:4
q 1Sa 3:18; 1Pe 5:6

r 1Sa 9:9; 2Kr 16:7.

tog in vrede na die stad te-
rug, en ook jou seun Ahi′maäs
en Jo′natan,[a] die seun van Ab-
ja′tar, julle twee seuns, saam
met julle. **28** Kyk, ek vertoef
by die driwwe van die wildernis
totdat daar ’n woord van julle
kom om my in te lig.”[b] **29** Toe
het Sadok en Abja′tar die ark
van die ware God na Jerusalem
teruggeneem, en hulle het daar
gebly.

**30** En Dawid het die helling
van die Olywe[c] al huilende op-
geklim, met sy kop bedek;[d] en
hy het kaalvoet geloop, en al
die mense wat by hom was,
het elkeen sy kop bedek, en
hulle het al huilende opgeklim.[e]
**31** En daar is aan Dawid be-
rig gebring en gesê: “Agito′fel
is onder dié wat met Absalom[f]
saamsweer.”[g] Hierop het Da-
wid gesê:[h] “Verander asseblief
die raad van Agito′fel in dwaas-
heid,[i] o Jehovah!”[j]

**32** En toe Dawid by die kruin
kom waar mense hulle gewoon-
lik voor God neergebuig het,
het Husai,[k] die Arkiet,[l] hom
hier tegemoetgekom, met sy
kleed geskeur en grond op sy
kop.[m] **33** Maar Dawid het vir
hom gesê: “As jy saam met my
oorgaan, dan sal jy beslis ’n las
op my word.[n] **34** Maar as jy
na die stad terugkeer en vir Ab-
salom sê: ‘Ek is u kneg, o ko-
ning. Destyds was ek, ja ek, die
kneg van u vader, maar nou is
ook ek u kneg’,[o] dan moet jy vir
my die raad van Agito′fel ver-
ydel.[p] **35** Is die priesters Sa-
dok en Abja′tar nie daar by jou
nie?[q] En alles wat jy uit die
huis van die koning hoor, moet
jy vir die priesters Sadok en
Abja′tar vertel.[r] **36** Kyk! Hul-
le twee seuns is daar by hulle,
Ahi′maäs[s] van Sadok en Jo′na-
tan[t] van Abja′tar; en deur mid-
del van hulle moet julle my al-
les laat weet wat julle sal hoor.”
**37** Daarop het Husai, Dawid se
metgesel,[a] in die stad ingekom.
Wat Absalom[b] betref, hy het na
Jerusalem gekom.

**16** Toe Dawid ’n entjie verby
die kruin oorgetrek het,[c]
het Siba,[d] die dienaar van Me-
fibo′set,[e] hom daar tegemoet-
gekom met ’n paar opgesaalde
esels[f] en op hulle tweehonderd
brode[g] en honderd rosynekoe-
ke[h] en honderd vragte somer-
vrugte[i] en ’n groot kruik wyn.[j]
**2** Toe het die koning vir Siba
gesê: “Wat is jou bedoeling met
hierdie dinge?”[k] Hierop het
Siba gesê: “Die esels is vir die
huisgesin van die koning om op
te ry, en die brood en die vrag
somervrugte is vir die jong
manne[l] om te eet, en die wyn is
vir die vermoeides[m] in die wil-
dernis[n] om te drink.” **3** Die
koning het toe gesê: “En waar is
die seun van jou heer?”[o] Hier-
op het Siba vir die koning ge-
sê: “Kyk, hy woon in Jerusalem;
want hy het gesê: ‘Vandag sal
die huis van Israel die konink-
like heerskappy van my vader
aan my teruggee.’ ”[p] **4** Die ko-
ning het toe vir Siba gesê:
“Kyk! Alles wat aan Mefibo′set
behoort, is joune.”[q] Daarop het
Siba gesê: “Ek buig[r] my neer.
Laat my guns vind in u oë, my
heer die koning.”

**5** En koning Dawid het tot
by Bahu′rim[s] gekom, en kyk! ’n
man uit die familie van Saul
se huis het daarvandaan uit-
gekom, en sy naam was Si′-
meï,[t] die seun van Gera, en hy
het uitgekom en ’n vloek uit-
gespreek terwyl hy uitgekom
het.[u] **6** En hy het Dawid en
al die knegte van koning Da-

**HFST. 15**
a 2Sa 17:17
b 2Sa 15:36; 2Sa 17:16; 2Sa 17:21
c Mt 21:1; Mt 24:3; Lu 19:29; Han 1:12
d Est 6:12; Jer 14:3
e Ro 12:15
f Ps 3:Ops
g Ps 41:9; Ps 55:12; Mt 26:15; Joh 13:18
h Flp 4:6
i 2Sa 16:23; 2Sa 17:14; Job 12:20; 1Ko 3:19
j Ps 3:7; Ps 50:15
k 2Sa 16:16
l Jos 16:2
m 1Sa 4:12; 2Sa 1:2
n 2Sa 19:35
o 2Sa 16:19
p 2Sa 17:7; 2Sa 17:14
q 2Sa 17:15
r 2Sa 17:16
s 2Sa 15:27; 2Sa 18:19
t 2Sa 17:17; 1Kn 1:42

**Tweede kol.**
a 2Sa 16:16; 1Kr 27:33; Spr 17:17
b 2Sa 16:15

**HFST. 16**
c 2Sa 15:30
d 2Sa 9:2; 2Sa 9:9
e 2Sa 9:6
f 1Sa 25:18
g 1Sa 17:17; 2Sa 17:28
h 1Sa 30:12
i Jer 40:10; Am 8:1; Mi 7:1
j 1Sa 10:3
k Spr 17:8; Spr 18:16
l 1Sa 25:27
m 2Sa 17:29
n 2Sa 15:23
o 2Sa 9:3
p Le 19:16; 2Sa 19:27; Ps 15:3; Spr 6:19; Spr 26:22
q De 19:15; 2Sa 9:10
r 2Sa 14:22
s 2Sa 3:16; 1Kn 2:8
t 2Sa 19:16; 1Kn 2:44

u Eks 22:28; 1Sa 17:43; Spr 1:22; Spr 26:2; Pr 10:20; Han 23:5.

wid met klippe begin gooi; en al
die mense en al die sterk man-
ne was aan sy regter- en aan
sy linkerkant. **7** En só het Si′-
meï gesê terwyl hy ’n vloek uit-
gespreek het: “Gaan weg, gaan
weg, jou bloedskuldige[a] man en
jou deugniet![b] **8** Jehovah het
al die bloedskuld weens die huis
van Saul, in wie se plek jy as ko-
ning geheers het, op jou laat te-
rugkom; en Jehovah gee die ko-
ningskap in die hand van jou
seun Absalom. En hier is jy nou
in jou rampspoed, omdat jy ’n
bloedskuldige man is!”[c]

**9** Uiteindelik het Abi′sai, die
seun van Seru′ja,[d] vir die ko-
ning gesê: “Waarom moet hier-
die dooie hond[e] ’n vloek oor
my heer die koning uitspreek?[f]
Laat my asseblief oorgaan en sy
kop afkap.”[g] **10** Maar die ko-
ning het gesê: “Wat het ek met
julle te doen,[h] julle seuns van
Seru′ja?[i] Laat hom so ’n vloek
uitspreek,[j] want Jehovah het
vir hom gesê:[k] ‘Spreek ’n vloek
oor Dawid uit!’ Wie sou dan sê:
‘Waarom het jy so gemaak?’ ”[l]
**11** En Dawid het verder vir
Abi′sai en al sy knegte gesê:
“Kyk, my seun wat uit my lig-
gaam voortgekom het, soek my
siel;[m] en hoeveel te meer dan
nou ’n Benjaminiet![n] Laat hom
staan sodat hy ’n vloek kan uit-
spreek, want Jehovah het vir
hom so gesê! **12** Miskien sal
Jehovah met sy oog sien[o] en sal
Jehovah my weer die goeie gee
in die plek van sy vervloeking
vandag.”[p] **13** Daarop het Da-
wid en sy manne met die pad
verder getrek, terwyl Si′meï
aan die kant van die berg ge-
loop het, al langs hom sodat hy
’n vloek kon uitspreek;[q] en hy
het bly klippe gooi terwyl hy al
langs hom geloop het, en hy het
baie stof gegooi.[r]

**14** Eindelik het die koning
en al die mense wat by hom was,
moeg daar aangekom. Toe het
hulle hulle daar verkwik.[a]

**15** Wat Absalom en al die
manskappe, die manne van Is-
rael, betref, hulle het in Jerusa-
lem ingegaan;[b] en Agito′fel[c] was
by hom. **16** En net toe Husai,[d]
die Arkiet,[e] Dawid se metgesel,[f]
by Absalom kom, het Husai vir
Absalom gesê: “Mag die koning
lewe![g] Mag die koning lewe!”
**17** Hierop het Absalom vir Hu-
sai gesê: “Is dít jou liefdery-
ke goedhartigheid teenoor jou
metgesel? Waarom het jy nie
saam met jou metgesel[h] gegaan
nie?” **18** Toe het Husai vir Ab-
salom gesê: “Nee; maar die een
wat Jehovah gekies het en ook
hierdie volk en al die manne
van Israel, aan hom sal ek be-
hoort, en by hom sal ek woon.
**19** En vir die tweede keer moet
ek sê: Wie sal ek dien? Is dit nie
voor sy seun nie? Net soos ek
voor u vader gedien het, so sal
ek voor u wees.”[i]

**20** Later het Absalom vir
Agito′fel gesê: “Gee van julle
kant raad.[j] Wat sal ons doen?”
**21** Toe het Agito′fel vir Ab-
salom gesê: “Hou gemeenskap
met die byvrouens van u va-
der,[k] wat hy agtergelaat het
om die huis op te pas.[l] En die
hele Israel sal beslis hoor dat
u u ’n stank[m] gemaak het vir
u vader,[n] en die hande[o] van al-
mal wat by u is, sal beslis sterk
word.” **22** Toe het hulle vir
Absalom ’n tent op die dak[p] op-
geslaan, en Absalom het voor
die oë van die hele Israel[q] met
die byvrouens van sy vader ge-
meenskap begin hou.[r]

**23** En die raad van Agito′fel,
wat hy in dié dae gegee het,

**HFST. 16**

a 1Sa 24:6; 1Sa 26:11
b De 13:13; 1Sa 2:12; 1Sa 25:17; Job 34:18
c Ps 3:1; Ps 3:2; Ps 7:1; Ps 71:11
d 1Kr 2:16
e 1Sa 24:14; 2Sa 3:8
f Eks 22:28; Han 23:5
g 1Sa 26:8; Lu 9:54; Ro 12:19
h 2Sa 19:22; 2Kn 3:13; Lu 9:55
i 1Kn 2:5
j Ps 37:8; 1Pe 2:23
k 2Sa 12:10
l Ro 9:20
m 2Sa 12:11; 2Sa 15:14; 2Sa 17:12
n 2Sa 19:16
o Ge 29:32; Eks 2:25; Eks 3:7; Ps 25:18; Spr 15:3
p De 23:5; Ps 109:28
q Eks 22:28; 2Sa 16:5; Pr 10:20
r Han 22:23

**Tweede kol.**

a 2Sa 16:2
b 2Sa 15:37
c 2Sa 15:12; 2Sa 15:31
d 2Sa 15:32
e Jos 16:2
f 2Sa 15:37; 1Kr 27:33
g 1Sa 10:24; 1Kn 1:25; 2Kn 11:12; Da 2:4
h Ge 26:26; 1Kn 4:5; Spr 17:17; Spr 18:24
i 2Sa 15:34; Spr 14:15
j Ps 37:12; Spr 21:30; Jes 8:10; Mt 27:1
k Le 18:8; Le 20:11; 2Sa 12:11; 1Kn 2:22; Job 31:10
l 2Sa 15:16
m Ge 34:30; 1Sa 13:4; 1Sa 27:12
n Ge 49:4
o 2Sa 2:7
p 2Sa 11:2
q Nu 25:6; 2Sa 12:12; Jes 3:9

r De 22:30; 2Sa 12:11; 2Sa 20:3.

was net soos wanneer ’n man
die woord van die ware God sou
raadpleeg. So was al die raad[a]
van Agito′fel[b] vir Dawid sowel
as vir Absalom.

**17** En Agito′fel het vir Ab-
salom gesê: “Laat my as-
seblief twaalfduisend man kies
en opstaan en Dawid vannag
agternasit.[c] **2** En ek sal hom
oorval terwyl hy afgemat en
slap van hande is,[d] en ek sal
hom beslis laat bewe; en al die
mense wat by hom is, sal moet
vlug, en ek sal beslis die ko-
ning alleen doodmaak.[e] **3** En
laat my al die mense na u toe te-
rugbring. Die terugkeer van al-
mal is gelykstaande aan die
man wat u soek; en al die men-
se sal in vrede verkeer.” **4** En
die woord was reg in die oë van
Absalom[f] en in die oë van al die
ouer manne van Israel.

**5** Maar Absalom het gesê:
“Roep asseblief ook Husai,[g] die
Arkiet, en laat ons hoor wat in
sý mond is.” **6** En Husai het
by Absalom gekom. Toe het
Absalom vir hom gesê: “Vol-
gens hierdie woord het Agito′-
fel gespreek. Sal ons volgens sy
woord handel? So nie, spreek jy
dan.” **7** Hierop het Husai vir
Absalom gesê: “Die raad wat
Agito′fel gegee het, is in hierdie
geval nie goed nie!”[h]

**8** En Husai het verder ge-
sê: “U ken u vader en sy man-
ne goed, dat hulle sterk is,[i] en
hulle is bitter van siel,[j] soos ’n
berin wat haar kleintjies in die
veld verloor het;[k] en u vader is
’n krygsman,[l] en hy sal nie by
die mense oornag nie. **9** Kyk!
Hy kruip nou weg[m] in een van
die kuile of op een van die an-
der plekke; en sodra hy hulle
aan die begin oorval, dan sal die
een wat daarvan te hore kom,
sekerlik hoor en sê: ‘Die man-
skappe wat Absalom volg, het
’n nederlaag gely!’ **10** En selfs
die dapper man wie se hart soos
die hart van die leeu[a] is, sal ge-
wis week word van swakheid;[b]
want die hele Israel weet dat
u vader ’n sterk man[c] is, en so
ook die dapper manne wat by
hom is.[d] **11** Ek gee dié raad:
Laat die hele Israel vir seker
by u versamel word, van Dan
tot Berse′ba,[e] so talryk soos die
sandkorrels wat aan die see is,[f]
terwyl u self in die stryd uit-
trek.[g] **12** En ons sal teen hom
kom op een van die plekke waar
hy beslis gevind sal word,[h] en
ons sal op hom toesak net soos
die dou[i] op die grond val; en
van hom en al die manne wat
by hom is, sal daar beslis nie
eers één oorbly nie. **13** En as
hy hom in die een of ander
stad terugtrek, moet die hele
Israel ook toue na daardie stad
dra, en ons sal dit beslis na die
stroomvallei afsleep, totdat nie
eens ’n klippie meer daar ge-
vind sal word nie.”[j]

**14** Toe het Absalom en al die
manne van Israel gesê: “Die
raad van Husai, die Arkiet, is
beter[k] as die raad van Agito′-
fel!” En Jehovah het bevel ge-
gee[l] om die raad van Agito′-
fel te verydel,[m] hoewel dit goed
was,[n] sodat Jehovah rampspoed
oor Absalom kon bring.[o]

**15** Later het Husai vir die
priesters Sadok[p] en Abja′tar ge-
sê: “So en so het Agito′fel aan
Absalom en die ouer manne
van Israel raad gegee; en so en
so het ek raad gegee. **16** En
stuur nou gou en vertel Dawid[q]
en sê: ‘Moenie vannag in die
woestynvlaktes van die wilder-
nis bly nie, maar u moet ook vir
seker oortrek,[r] sodat die koning
en al die mense wat by hom is,
nie verswelg[s] word nie.’ ”

**HFST. 16**
a 2Sa 17:14
b 2Sa 15:12; 2Sa 17:23

**HFST. 17**
c Spr 1:16; Spr 4:16
d De 25:18; 2Sa 16:14
e 1Kn 22:31; Ps 37:12; Ps 41:9; Ps 55:12
f Mt 15:4; 2Ti 3:3
g 2Sa 15:32; 2Sa 16:16
h 2Sa 15:34
i 1Sa 16:18; 2Sa 15:18; 2Sa 23:8; 2Sa 23:18; 1Kr 11:26
j Rig 18:25
k 2Kn 2:24; Spr 17:12; Ho 13:8
l 1Sa 17:50; 1Sa 18:7; 1Sa 19:8; 2Sa 10:18
m 1Sa 22:1; 1Sa 23:19

**Tweede kol.**
a Ge 49:9; Nu 24:9; 2Sa 1:23; Jes 31:4
b De 1:28; Jos 2:9; Jos 7:5; 1Sa 17:11
c 1Sa 18:5; Heb 11:34
d 2Sa 17:8
e Rig 20:1
f Ge 32:12; 1Kn 4:20
g Ps 7:15; Ps 9:16
h 1Sa 23:23; 2Sa 17:9
i Ps 110:3
j Mt 24:2
k Spr 21:1
l De 2:30; 2Kr 25:20; Ps 91:11
m 2Sa 15:31; 2Sa 15:34; Job 5:12; Spr 19:21; Spr 21:30; Jes 8:10; 1Ko 3:19
n 2Sa 16:23
o 1Sa 2:6; Job 34:11; Jes 46:10
p 2Sa 8:17; 2Sa 15:35; 1Kr 12:28
q 2Sa 15:28
r 2Sa 15:14
s 2Sa 20:19; Ps 35:25

17 Terwyl Jo′natan[a] en Ahi′-
maäs[b] by En-Rogel[c] gestaan
het, het ’n diensmeisie gegaan
en hulle vertel. Toe het hulle
gegaan, aangesien hulle koning
Dawid moes vertel; want hulle
kon hulle nie vertoon deur in
die stad in te gaan nie. 18 ’n
Jong man het hulle egter gesien
en dit vir Absalom vertel. Toe
het hulle twee gou weggegaan
en by die huis van ’n man in
Bahu′rim gekom[d] wat ’n put in
sy binnehof gehad het; en hulle
het daarin afgeklim. 19 Daar-
na het die vrou ’n dekkleed ge-
neem en dit oor die bokant
van die put uitgesprei en daar-
op gebreekte graan opgehoop;[e]
en niks hiervan is bemerk nie.
20 Die knegte van Absalom
het toe by die vrou in haar huis
gekom en gesê: “Waar is Ahi′-
maäs en Jo′natan?” Hierop het
die vrou vir hulle gesê: “Hulle
het hiervandaan verder gegaan
na die waters.”[f] Toe het hulle
bly soek, en hulle het hulle nie
gevind nie[g] en het dus na Jeru-
salem teruggekeer.
21 En nadat hulle wegge-
gaan het, het hulle uit die put
opgeklim en verder gegaan en
koning Dawid vertel en vir Da-
wid gesê: “STAAN OP en trek
gou deur die waters; want so
het Agito′fel teen julle raad
gegee.”[h] 22 Onmiddellik het
Dawid opgestaan, en ook al die
mense wat by hom was, en hul-
le het deur die Jordaan bly trek
totdat die oggend lig geword
het,[i] totdat daar selfs nie een
ontbreek het wat nie deur die
Jordaan getrek het nie.
23 Wat Agito′fel betref, hy
het gesien dat sy raad nie op-
gevolg is nie,[j] en hy het ’n esel
opgesaal en opgestaan en na sy
huis in sy eie stad gegaan.[k] Toe
het hy aan sy huisgesin bevele
gegee[a] en homself verwurg[b] en
so gesterf.[c] En hy is in die graf
van sy voorvaders begrawe.[d]
24 Wat Dawid betref, hy het
by Mahana′im[e] gekom, en Ab-
salom het deur die Jordaan ge-
trek, hy en al die manne van
Israel saam met hom. 25 En
Ama′sa[f] is deur Absalom in die
plek van Joab[g] oor die leër aan-
gestel; en Ama′sa was die seun
van ’n man met die naam Jit-
ra,[h] die Israeliet, wat gemeen-
skap gehad het met Abi′gail,[i]
die dogter van Nahas, die sus-
ter van Seru′ja, Joab se moeder.
26 En Israel en Absalom het
in die land Gi′lead[j] kamp opge-
slaan.
27 En net toe Dawid by Ma-
hana′im kom, het Sobi, die seun
van Nahas uit Rabba[k] van die
kinders van Ammon,[l] en Ma-
gir,[m] die seun van Ammi′ël[n] uit
Lo-Debar, en Barsil′lai,[o] die Gi-
leadiet uit Ro′gelim,[p] 28 bed-
dens en komme en pottebak-
kershouers gebring, en koring
en gars en meel[q] en geroosterde
graan[r] en boerbone[s] en lensies[t]
en gebraaide graan; 29 en
heuning[u] en botter[v] en skape
en dikmelkkaas van beeste het
hulle aangebring sodat Dawid
en die mense wat by hom was,
kon eet,[w] want hulle het gesê:
“Die mense is honger en moeg
en dors in die wildernis.”[x]

18 En Dawid het die man-
skappe getel wat by hom
was en hoofde oor duisend en
hoofde oor honderd oor hulle
aangestel.[y] 2 Verder het Da-
wid ’n derde[z] van die manskap-
pe onder die hand van Joab[a]
gestuur en ’n derde onder die
hand van Abi′sai,[b] die seun van
Seru′ja, Joab se broer,[c] en ’n
derde onder die hand van It-
tai,[d] die Gittiet. Toe het die ko-
ning vir die manskappe gesê:

HFST. 17
a 2Sa 15:27 1Kn 1:42
b 2Sa 15:36 2Sa 18:19
c Jos 15:7 Jos 18:16 1Kn 1:9
d 2Sa 3:16 2Sa 16:5 2Sa 19:16
e Jos 2:6
f Eks 1:19 Jos 2:5 1Sa 19:14 1Sa 21:2 Mt 10:16
g Jos 2:22
h 2Sa 17:2
i Spr 27:12
j Spr 16:18
k Jos 15:51 2Sa 15:12

Tweede kol.
a 2Kn 20:1
b Eks 20:13 1Sa 31:4 1Kn 16:18 Mt 27:5 Han 1:18
c Ps 5:10 Ps 55:23
d Pr 8:10
e Ge 32:2 Jos 13:26 2Sa 2:8
f 2Sa 19:13 2Sa 20:4 2Sa 20:10
g 2Sa 8:16
h 1Kr 2:17
i 1Kr 2:16
j Nu 32:1 De 3:15
k De 3:11 Jos 13:25 2Sa 12:29
l 2Sa 12:26
m 2Sa 9:4
n 2Sa 9:5
o 2Sa 19:32 1Kn 2:7
p 2Sa 19:31
q Ge 18:6 1Sa 28:24
r 1Sa 25:18
s Ese 4:9
t Ge 25:34 2Sa 23:11
u Eks 3:8
v Ge 18:8 Spr 30:33
w Spr 11:25 Han 28:2
x 2Sa 16:2

HFST. 18
y 1Sa 8:12 1Kr 13:1 1Ko 14:40
z Rig 7:16 Spr 20:18
a 2Sa 8:16 2Sa 10:7
b 2Sa 23:18
c 1Kr 2:16
d 2Sa 15:19 2Sa 15:21

“Ek sal ook vir seker saam
met julle uittrek.” **3** Maar die
manskappe het gesê: “U moe-
nie uittrek nie,[a] want as ons
dalk moet vlug, sal hulle nie
die hart op ons rig nie;[b] en al
sterf die helfte van ons, sal hul-
le nie die hart op ons rig nie,
want u is tienduisend van ons
werd;[c] en dit sal dan nou be-
ter wees as u ons van diens sal
wees deur vanuit die stad hulp
te verleen.”[d] **4** Toe het die ko-
ning vir hulle gesê: “Wat goed
is in julle oë, sal ek doen.”[e] En
die koning het langs die poort
bly staan,[f] en al die manskappe
het by honderde en by duisende
uitgetrek.[g] **5** En die koning
het Joab en Abiʹsai en Ittai be-
veel en gesê: “Behandel die jong
man Absalom sagkens[h] ter wil-
le van my.” En al die manskap-
pe het gehoor toe die koning al
die hoofde omtrent Absalom be-
veel.

**6** En die manskappe het uit-
getrek na die veld om Israel te
ontmoet; en die geveg het in die
woud van Eʹfraim[i] plaasgevind.
**7** Uiteindelik is die manskappe
van Israel[j] daar voor die kneg-
te van Dawid verslaan,[k] en die
slagting daar was dié dag groot,
twintigduisend man. **8** En die
geveg het daar oor die hele
land versprei, so ver ’n mens
kon sien. Daarbenewens het die
woud dié dag meer onder die
manskappe verteer as wat die
swaard verteer het.

**9** Uiteindelik het Absalom
hom voor die knegte van Dawid
bevind. En Absalom het op ’n
muil gery, en die muil het onder
die netwerk van takke van ’n
groot boom gekom, sodat sy kop
in die groot boom vasgehaak
het, en hy het tussen hemel en
aarde gehang,[l] terwyl die muil
wat onder hom was, verder ge-
loop het. **10** Toe het ’n sekere
man dit gesien en Joab[a] vertel
en gesê: “Kyk! Ek het Absalom
in ’n groot boom sien hang.”
**11** Hierop het Joab vir die man
wat hom vertel het, gesê: “En jy
het dit dan nou gesien, en waar-
om het jy hom nie daar teen die
grond neergeslaan nie? Dan sou
ek onder verpligting gestaan
het om jou tien silwerstukke
en ’n gordel te gee.”[b] **12** Maar
die man het vir Joab gesê: “En
al het ek ook duisend silwer-
stukke op my palms geweeg,
sou ek nie my hand teen die ko-
ning se seun uitsteek nie; want
voor ons ore het die koning
u en Abiʹsai en Ittai beveel en
gesê: ‘WAAK, wie dan ook, oor
die jong man, oor Absalom.’[c]
**13** Anders sou ek verraderlik
teen sy siel gehandel het, en die
hele saak sou nie vir die ko-
ning verborge gebly het nie,[d] en
u sou eenkant gaan staan het.”
**14** Hierop het Joab gesê: “Laat
my nie so voor jou opgehou
word nie!” Daarop het hy drie
ligte spiese in sy palm geneem
en dit deur Absalom se hart ge-
dryf[e] terwyl hy nog lewend in
die hart[f] van die groot boom
was. **15** Toe het tien dienaars
wat Joab se wapens gedra het,
nader gekom en Absalom ge-
slaan om hom dood te maak.[g]
**16** Joab het toe op die horing
geblaas,[h] sodat die manskap-
pe sou terugkeer en Israel nie
verder sou agternasit nie; want
Joab het die manskappe te-
ruggehou. **17** Uiteindelik het
hulle Absalom geneem en hom
in die woud in ’n groot kuil ge-
gooi en ’n baie groot hoop klip-
pe op hom gestapel.[i] Wat die
hele Israel betref, hulle het elk-
een na sy huis gevlug.

**HFST. 18**
a 2Sa 21:17
b 2Sa 17:2; 1Kn 22:31
c 2Sa 17:3; Klg 4:20
d Eks 17:10
e Rut 3:5; Jak 3:17
f 2Sa 18:24
g 1Sa 29:2
h 2Sa 18:12
i 2Sa 17:26
j 2Sa 16:15
k 2Sa 2:17; 2Kr 13:16; 2Kr 28:6; Ps 3:7; Spr 24:22
l 1Kr 21:16

**Tweede kol.**
a 2Sa 8:16; 2Sa 18:2
b 1Sa 17:25; 1Kr 11:6
c 2Sa 18:5
d Spr 16:14; Spr 24:21
e Rig 4:21; Rig 5:31; Ps 45:5
f 2Sa 18:9
g De 27:16; De 27:20; 2Sa 12:10; Ps 63:9; Spr 2:22; Spr 20:20; Spr 30:17
h 2Sa 2:28
i Jos 7:26; Jos 8:29; Jos 10:27

**18** En Absalom het, toe hy
gelewe het, ’n pilaar geneem en
dit vir hom opgerig[a]—dit staan
in die Laagvlakte van die Ko-
ning[b]—want hy het gesê: “Ek
het geen seun om my naam in
gedagtenis te hou nie.”[c] Daar-
om het hy die pilaar na sy eie
naam genoem,[d] en dit word tot
vandag toe nog Absalom se Mo-
nument genoem.

**19** En wat Ahiʹmaäs,[e] die
seun van Sadok, betref, hy het
gesê: “Laat my asseblief hard-
loop en die nuus aan die ko-
ning bekend maak, want Jeho-
vah het aan hom reg verskaf
om hom uit die hand van sy vy-
ande te bevry.”[f] **20** Maar Joab
het vir hom gesê: “Jy is nie van-
dag ’n man van nuus nie, en
jy moet die nuus op ’n ander
dag bekend maak; maar van-
dag moet jy nie die nuus bekend
maak nie, juis omdat die koning
se seun gesterf het.”[g] **21** Toe
het Joab vir die Kussiet[h] ge-
sê: “Gaan vertel die koning
wat jy gesien het.” Daarop het
die Kussiet voor Joab gebuig
en begin hardloop. **22** Ahiʹ-
maäs, die seun van Sadok, het
toe weer vir Joab gesê: “Laat
dan nou kom wat wil, laat my
asseblief ook agter die Kussiet
aan hardloop.” Joab het egter
gesê: “Waarom moet jy hard-
loop, my seun, terwyl daar geen
nuus vir jou gevind word nie?”
**23** Nogtans het hy gesê: “Laat
dan nou kom wat wil, laat my
hardloop.” Toe het hy vir hom
gesê: “Hardloop!” En Ahiʹmaäs
het met die pad van die Dis-
trik[i] begin hardloop, en hy het
die Kussiet uiteindelik verbyge-
gaan.

**24** En Dawid het tussen die
twee poorte gesit.[j] Intussen het
die wag[k] na die dak van die
poort by die muur gegaan. Ein-
delik het hy sy oë opgeslaan en
gesien, en kyk! daar was ’n man
wat alleen hardloop. **25** Toe
het die wag geroep en die ko-
ning vertel, waarop die koning
gesê het: “As hy alleen is, is daar
nuus in sy mond.” En hy het al
hoe nader gekom. **26** Die wag
het toe nog ’n man sien hard-
loop. Daarom het die wag die
poortwagter toegeroep en ge-
sê: “Kyk! Nog ’n man wat al-
leen hardloop!” waarop die ko-
ning gesê het: “Ook hy is ’n
bringer van nuus.” **27** En die
wag het verder gesê: “Ek sien
die eerste se manier van hard-
loop[a] is soos dié van Ahiʹmaäs,[b]
die seun van Sadok”, waarop die
koning gesê het: “Hy is ’n goeie
man,[c] en hy sal met goeie nuus[d]
kom.” **28** Uiteindelik het Ahiʹ-
maäs geroep en vir die koning
gesê: “Alles is in orde!” Daarop
het hy met sy gesig na die aar-
de voor die koning gebuig. En
hy het verder gesê: “Mag Jeho-
vah u God geloof word,[e] wat die
manne oorgelewer het[f] wat hul-
le hand teen my heer die ko-
ning opgehef het!”

**29** Maar die koning het ge-
sê: “Gaan dit goed met die jong
man Absalom?” Hierop het Ahiʹ-
maäs gesê: “Ek het die groot be-
roering gesien toe Joab die ko-
ning se kneg en u kneg gestuur
het, en ek het nie geweet wat
dit was nie.”[g] **30** Toe het die
koning gesê: “Tree opsy, kom
staan hier.” Daarop het hy opsy
getree en bly staan.

**31** En kyk, die Kussiet[h] het
ingekom, en die Kussiet het be-
gin sê: “Laat my heer die ko-
ning nuus ontvang, want Je-
hovah het vandag aan u reg
verskaf om u te bevry uit die
hand van almal wat teen u op-
staan.”[i] **32** Maar die koning
het vir die Kussiet gesê: “Gaan

HFST. 18
a 1Sa 15:12
b Ge 14:17
c Nu 27:4, 2Sa 14:27
d Ps 49:11
e 2Sa 15:36, 2Sa 17:17
f 2Sa 15:25, Ps 9:4
g 2Sa 18:5
h Ge 10:6, Nu 12:1, 2Kr 14:9
i 1Kn 7:46, 2Kr 4:17
j 2Sa 18:4
k 2Sa 13:34, 2Kn 9:17, Jes 21:6

Tweede kol.
a 2Kn 9:20
b 2Sa 18:19
c Spr 25:13
d 1Kn 1:42, Spr 25:25
e Ge 14:20, 2Sa 22:47, Ps 124:6, Ps 144:1
f 1Sa 26:8, Ps 31:8
g 2Sa 18:19
h 2Sa 18:21
i 2Sa 22:49, Ps 55:18, Ps 94:1, Ps 124:2

dit goed met die jong man Ab-
salom?" Hierop het die Kussiet
gesê: "Mag die vyande van my
heer die koning en almal wat
ten kwade teen u opgestaan
het, soos die jong man word."[a]

**33** Toe het die koning ont-
steld geraak en na die dakver-
trek[b] bo die poort opgegaan en
begin huil; en só het hy gesê ter-
wyl hy geloop het: "My seun Ab-
salom, my seun, my seun[c] Absa-
lom! Ag, as ek, ek self, maar in
jou plek gesterf het, Absalom,
my seun, my seun!"[d]

**19** Later is daar aan Joab be-
rig gebring: "Kyk! Die ko-
ning huil, en hy bly oor Absa-
lom treur."[e] **2** So het die
redding op dié dag vir al die
mense 'n rede tot rou geword,
omdat die mense op dié dag ge-
hoor het dat daar gesê word:
"Die koning is bedroef oor sy
seun." **3** En die mense het op
dié dag by die stad begin in-
sluip,[f] net soos die mense sou
insluip wanneer hulle voel dat
hulle in die skande gekom het
omdat hulle in die geveg ge-
vlug het. **4** En die koning het
sy gesig bedek, en die koning
het met 'n harde stem bly uit-
roep: "My seun Absalom! Absa-
lom, my seun, my seun!"[g]

**5** Uiteindelik het Joab by die
koning in die huis gekom en
gesê: "U het vandag die aange-
sig van al u knegte beskaamd
gemaak, dié wat vandag aan u
siel[h] en aan die siel van u seuns[i]
en u dogters[j] en die siel van u
vrouens[k] en die siel van u by-
vrouens[l] ontkoming verskaf
het, **6** deur dié wat u haat, lief
te hê en deur dié wat u lief-
het, te haat; want u het van-
dag te kenne gegee dat hoofde
en knegte vir u niks is nie, want
vandag weet ek goed dat as net
Absalom lewend was en ons an-
der almal vandag dood was, wel,
dat dit dan in u oë reg sou ge-
wees het. **7** En staan nou op,
gaan uit en spreek regstreeks
tot die hart[a] van u knegte, want
ek sweer by Jehovah dat geen
man vannag by u sal bly as u
nie uitgaan nie;[b] en dit sal be-
slis vir u erger wees as al die
kwaad wat van u jeug af tot nou
toe oor u gekom het." **8** Daar-
op het die koning opgestaan en
in die poort gaan sit,[c] en aan
al die mense het hulle die berig
gebring en gesê: "Kyk, die ko-
ning sit in die poort." En al die
mense het voor die koning be-
gin kom.

Wat Israel betref, hulle het
elkeen na sy huis gevlug.[d]
**9** En die hele volk het in al die
stamme van Israel onder me-
kaar begin twis en gesê: "Dit
was die koning wat ons uit
die palm van ons vyande ver-
los het,[e] en dit was hy wat
aan ons ontkoming uit die palm
van die Filistyne verskaf het;
en nou het hy uit die land ge-
vlug vir Absalom.[f] **10** Absa-
lom, wat ons oor ons gesalf het,[g]
het in die geveg gesterf.[h] Waar-
om doen julle dan nou niks om
die koning terug te bring nie?"[i]

**11** Wat koning Dawid betref,
hy het na die priesters Sa-
dok[j] en Abja'tar[k] gestuur en ge-
sê: "PRAAT met die ouer manne
van Juda[l] en sê: 'Waarom sou
julle die laastes wees om die ko-
ning na sy huis terug te bring,
terwyl die woord van die hele
Israel by die koning in sy huis
uitgekom het? **12** Julle is my
broers; julle is my been en my
vlees.[m] Waarom sou julle dan
die laastes wees om die ko-
ning terug te bring?' **13** En
vir Ama'sa moet julle sê:[n] 'Is
jy nie my been en my vlees
nie? Mag God so aan my doen

**HFST. 18**
a Rig 5:31; Ps 27:2; Ps 68:1
b 2Sa 18:24
c 2Sa 19:1
d 2Sa 12:10; 2Sa 17:14; Spr 10:1; Spr 19:13

**HFST. 19**
e 2Sa 18:5; 2Sa 18:14
f 2Sa 17:24; 2Sa 19:32
g 2Sa 18:33
h Ps 18:48
i 2Sa 3:3; 2Sa 5:14
j 2Sa 13:1
k 2Sa 5:13
l 2Sa 15:16

**Tweede kol.**
a Jes 40:2
b Spr 14:28
c 2Sa 18:4; 2Sa 18:24; 1Kn 22:10; Jer 38:7
d 2Sa 18:17; 1Kn 22:36
e 1Sa 17:50; 1Sa 18:7; 1Sa 19:5; 2Sa 5:25; 2Sa 8:5
f 2Sa 15:14
g 2Sa 15:10; 2Sa 15:12
h 2Sa 18:14
i 2Sa 3:17
j 2Sa 8:17; 2Sa 15:25; 1Kn 1:8
k 1Sa 22:20; 1Sa 30:7; 2Sa 15:24; 1Kr 15:11
l 2Sa 2:4
m Rig 9:2; 2Sa 5:1
n 2Sa 17:25; 1Kr 2:17

en mag hy so daaraan toevoeg[a]
as jy nie vir altyd die leërhoof
voor my sal word in die plek
van Joab[b] nie.'"
**14** En hy het die hart van al
die manne van Juda soos een
man geneig,[c] sodat hulle die ko-
ning laat weet het: "Kom terug,
u en al u knegte."
**15** En die koning het begin
teruggaan en het tot by die
Jordaan gekom. Wat Juda be-
tref, hulle het na Gilgal[d] ge-
kom om die koning tegemoet
te gaan, om die koning deur
die Jordaan te begelei. **16** Toe
het Si′meï,[e] die seun van Gera,[f]
die Benjaminiet, wat uit Bahu′-
rim[g] was, hom gehaas en saam
met die manne van Juda af-
gegaan om koning Dawid te
ontmoet. **17** En daar was dui-
send man uit Benjamin by hom.
(En ook Siba,[h] die dienaar van
die huis van Saul, en sy vyftien
seuns[i] en sy twintig knegte was
by hom, en hulle het daarin ge-
slaag om die Jordaan voor die
koning te bereik. **18** En hy
het deur die drif getrek[j] om die
huisgesin van die koning deur
te begelei en te doen wat goed is
in sy oë.) Wat Si′meï, die seun
van Gera, betref, hy het voor
die koning neergeval toe hy op
die punt gestaan het om deur
die Jordaan te trek.[k] **19** Hy
het toe vir die koning gesê:
"Laat my heer my geen oortre-
ding toereken nie, en moenie
dink aan wat u kneg verkeerd
gedoen het[l] op die dag dat my
heer die koning uit Jerusalem
uitgetrek het, sodat die koning
dit ter harte sou neem nie.[m]
**20** Want u kneg weet goed dat
ék gesondig het; en kyk, daar-
om het ek vandag as die eerste
van die hele huis van Josef[n] af-
gekom om my heer die koning
tegemoet te kom."

**21** Dadelik het Abi′sai,[a] die
seun van Seru′ja,[b] geantwoord
en gesê: "Moet Si′meï nie hier-
oor doodgemaak word, omdat
hy 'n vloek oor die gesalfde van
Jehovah uitgespreek het nie?"[c]
**22** Maar Dawid het gesê: "Wat
het ek met julle te doen,[d] seuns
van Seru′ja, dat julle vandag vir
my 'n teenstander[e] sou word?
Sal enigiemand vandag in Israel
doodgemaak word?[f] Want weet
ek nie goed dat ek vandag ko-
ning oor Israel is nie?" **23** Toe
het die koning vir Si′meï gesê:
"Jy sal nie sterf nie." En die ko-
ning het vir hom gesweer.[g]
**24** Wat Mefibo′set,[h] die klein-
seun van Saul, betref, hy het
afgekom om die koning te ont-
moet; en hy het nie sy voete ver-
sorg[i] of sy snor versorg[j] of sy
klere gewas van die dag af dat
die koning weggegaan het tot
die dag dat hy in vrede gekom
het nie. **25** En toe hy die ko-
ning in Jerusalem kom ont-
moet, het die koning vir hom
gesê: "Waarom het jy nie saam
met my gegaan nie, Mefibo′-
set?" **26** Hierop het hy gesê:
"My heer die koning, my kneg[k]
het my bedrieg. Want u kneg
het gesê: 'Laat ek die eselin
vir my opsaal sodat ek daarop
kan ry en saam met die koning
kan gaan', want u kneg is kreu-
pel.[l] **27** Toe het hy u kneg by
my heer die koning belaster.[m]
Maar my heer die koning is
soos 'n engel[n] van die ware God,
en doen dan wat goed is in u oë.
**28** Want die hele huisgesin van
my vader sou niks anders ge-
word het as tot die dood ge-
doem voor my heer die koning
nie, en tog het u u dienaar ge-
plaas onder dié wat aan u tafel
eet.[o] Wat het ek dan nog as 'n
regmatige aanspraak om selfs
verder tot die koning te roep?"[p]

**HFST. 19**

a Rut 1:17; 1Sa 3:17
b 2Sa 8:16; 2Sa 18:5; 2Sa 18:14
c Rig 20:1
d Jos 5:9; 1Sa 11:14
e 2Sa 16:5; 1Kn 2:36; 1Kn 2:44
f 1Kn 2:8
g 2Sa 3:16; 2Sa 17:18
h 2Sa 9:2; 2Sa 16:1
i 2Sa 9:10
j 2Sa 15:28
k Ps 66:3; Ps 81:15; Pr 10:4
l 1Sa 26:21; 2Sa 16:5
m 2Sa 13:20; 2Sa 13:33
n 2Sa 19:43; 1Kr 5:2

**Tweede kol.**

a 2Sa 23:18
b 2Sa 2:18
c Eks 22:28; 2Sa 16:7; 1Kn 21:13; Ps 105:15; Pr 10:20; Han 23:5; 2Pe 2:10
d 2Sa 3:39; 2Sa 16:10
e 1Sa 29:4; 1Kn 5:4; Mt 16:23; Jak 1:20
f 1Sa 11:13
g 1Kn 2:8; 1Kn 2:37; 1Kn 2:46; Heb 6:16
h 2Sa 9:6; 2Sa 16:4
i 2Sa 9:3
j Esr 9:3
k 2Sa 9:9
l 2Sa 4:4
m Le 19:16; 2Sa 16:3; Ps 101:5; Spr 6:19; Spr 21:6
n 1Sa 29:9; 2Sa 14:17
o 2Sa 9:1; 2Sa 9:7; 2Sa 9:10; 2Sa 9:13
p 2Sa 9:8

**29** Maar die koning het vir
hom gesê: “Waarom bly jy nog
jou woorde spreek? Ek sê: Jy
en Siba moet die grond deel.”[a]
**30** Hierop het Mefibo′set vir die
koning gesê: “Laat hom selfs al-
les neem,[b] noudat my heer die
koning in vrede na sy huis ge-
kom het.”

**31** En Barsil′lai,[c] die Gilea-
diet, het uit Ro′gelim afgekom
sodat hy saam met die koning
na die Jordaan kon trek om
hom na die Jordaan te vergesel.
**32** En Barsil′lai was baie oud,
naamlik tagtig jaar;[d] en hy het
die koning van voedsel voor-
sien terwyl hy in Mahana′im ge-
woon het,[e] want hy was ’n baie
vermoënde[f] man. **33** Toe het
die koning vir Barsil′lai gesê:
“Trek jy saam met my oor, en
ek sal jou by my in Jerusalem
beslis van voedsel voorsien.”[g]
**34** Maar Barsil′lai het vir die
koning gesê: “Wat is nog die dae
van my lewensjare, dat ek saam
met die koning na Jerusalem
sou opgaan? **35** Ek is vandag
tagtig jaar oud.[h] Kan ek tus-
sen goed en kwaad onderskei,
of kan u kneg proe wat ek eet
en wat ek drink,[i] of kan ek nog
na die stem van sangers en san-
geresse[j] luister?[k] Waarom sou
u kneg dan nog vir my heer die
koning ’n las word?[l] **36** Want
u kneg kon die koning net ’n
entjie na die Jordaan wegbring,
en waarom sou die koning my
met hierdie beloning vergoed?[m]
**37** Laat u kneg asseblief terug-
keer, en laat my in my stad
sterf[n] naby die graf van my va-
der en my moeder.[o] Maar hier is
u kneg Kimham.[p] Laat hy saam
met my heer die koning oor-
trek; en doen met hom wat goed
is in u oë.”

**38** Toe het die koning gesê:
“Kimham sal saam met my oor-
trek, en ek sal met hom doen
wat goed is in jou oë; en al-
les wat jy verkies om my op te
lê, sal ek vir jou doen.” **39** Al
die mense het toe deur die Jor-
daan begin trek, en die koning
het deurgetrek; maar die ko-
ning het Barsil′lai gesoen[a] en
hom geseën,[b] waarna hy na sy
plek teruggekeer het. **40** Toe
die koning na Gilgal[c] oortrek,
het Kimham saam met hom
oorgetrek, en ook al die mense
van Juda, en ook die helfte van
die mense van Israel, sodat hul-
le die koning kon oorbring.

**41** En kyk! al die manne van
Israel het na die koning toe ge-
kom, en hulle het vir die koning
gesê: “Waarom het[d] ons broers,
die manne van Juda, u gesteel
sodat hulle die koning en sy
huisgesin en al die manne van
Dawid saam met hom deur die
Jordaan kon bring?”[e] **42** Hier-
op het al die manne van Juda
die manne van Israel geant-
woord: “Omdat die koning na
aan ons verwant is;[f] en waarom
het jy kwaad geword oor hier-
die saak? Het ons enigsins op
koste van die koning geëet, of is
’n geskenk vir ons aangedra?”

**43** Maar die manne van Is-
rael het die manne van Juda
geantwoord en gesê: “Ons het
tien dele aan die koning,[g] sodat
ons selfs in Dawid meer as jy
het. Waarom het jy ons dan met
veragting behandel, en waarom
het dit nie in die eerste plek ons
saak geword[h] om ons koning te-
rug te bring nie?” Maar die
woord van die manne van Juda
was harder as die woord van die
manne van Israel.

**20** En daar was ’n deug-
niet[i] daar, met die naam
Seba,[j] die seun van Bigri, ’n
Benjaminiet; en hy het op die
horing geblaas[k] en gesê: “Ons

**HFST. 19**

a 2Sa 16:4; Spr 18:17; Spr 29:4
b Mt 5:40; 1Ko 6:7
c 2Sa 17:27; 1Kn 2:7
d Ps 90:10
e 2Sa 17:28; Spr 3:27; Heb 13:16
f 1Sa 25:2; Job 1:3
g 2Sa 9:10; Spr 11:25; Mt 7:12; Lu 6:38
h Ps 90:10
i Pr 8:15; Pr 12:5
j Esr 2:65; Ne 7:67; Pr 2:8
k Job 12:11; Pr 12:4
l 2Sa 13:25; 2Sa 15:33
m Lu 6:38
n Jos 23:14; Lu 2:29
o Ge 47:30; Ge 49:29; Ge 50:13
p 1Kn 2:7

**Tweede kol.**

a Ge 31:55; Rut 1:14; 1Sa 20:41; 1Kn 19:20; Han 20:37
b Ge 14:19; Ge 47:7; Jos 22:6
c 1Sa 11:14
d Rig 8:1; Rig 12:1
e 2Sa 19:15
f Rut 4:12; Rut 4:22; 2Sa 2:4; Ps 78:68; Mt 1:3; Mt 1:6
g 1Kn 11:31; 1Kn 12:16
h Pr 4:4; Lu 22:24; Lu 22:26; Ga 5:26; Flp 2:3

**HFST. 20**

i De 13:13; 1Sa 2:12
j 2Sa 20:21
k Rig 3:27; 2Sa 15:10

het geen deel aan Dawid nie,
en ons het geen erfdeel in die
seun van Isai nie.[a] Elkeen na
sy gode,[b] o Israel!” **2** Daarop
het al die manne van Israel be-
gin optrek, weg van Dawid af,
om Seba, die seun van Bigri,[c]
te volg; maar wat die manne
van Juda betref, hulle het hulle
koning aangekleef van die Jor-
daan af tot by Jerusalem.[d]

**3** Uiteindelik het Dawid in
sy huis in Jerusalem gekom.[e]
Toe het die koning die tien
vroue[f] geneem, die byvrouens
wat hy agtergelaat het om die
huis op te pas, en hy het hul-
le in ’n huis van bewaring gesit,
maar hy het hulle van voedsel
bly voorsien. En hy het geen ge-
meenskap met hulle gehad nie,[g]
maar hulle het tot die dag van
hulle dood opgesluit gebly, in ’n
weduweeskap met ’n lewende
man.

**4** Die koning het toe vir
Ama′sa[h] gesê: “Roep die man-
ne van Juda vir my binne drie
dae bymekaar, en kom staan
jy hier.” **5** Toe het Ama′sa
gegaan om Juda bymekaar te
roep; maar hy het later gekom
as die bepaalde tyd wat hy vir
hom vasgestel het. **6** Toe het
Dawid vir Abi′sai[i] gesê: “Nou
sal Seba,[j] die seun van Bigri,
vir ons erger wees as Absalom.[k]
Neem jy die knegte[l] van jou
heer en sit hom agterna, sodat
hy nie vir hom versterkte ste-
de vind en voor ons oë ontvlug
nie.” **7** Daarop het die manne
van Joab[m] en die Keretiete[n] en
die Peletiete[o] en al die sterk
manne agter hom aan uitge-
trek; en hulle het uit Jerusalem
uitgetrek om Seba, die seun van
Bigri, agterna te sit. **8** Hulle
was naby die groot klip wat in
Gi′beon[p] is, en Ama′sa[q] het hul-
le tegemoetgekom. En Joab was
omgord, met ’n kleed aan; en hy
was omgord met ’n swaard wat
in sy skede aan sy heup vasge-
maak was. En hy het vorentoe
getree, en dit het toe uitgeval.

**9** En Joab het vir Ama′sa ge-
sê: “Gaan dit goed met jou, my
broer?”[a] Toe het Joab met die
regterhand Ama′sa se baard ge-
gryp om hom te soen.[b] **10** Wat
Ama′sa betref, hy was nie op
sy hoede vir die swaard wat in
Joab se hand was nie, sodat hy
hom daarmee in die maag ge-
steek het[c] en sy ingewande op
die grond uitgeval het, en hy
het nie nodig gehad om dit weer
aan hom te doen nie. So het hy
gesterf. En wat Joab en sy broer
Abi′sai betref, hulle het Seba,
die seun van Bigri, agternage-
sit.

**11** En een van Joab se jong
manne het oor hom gestaan en
bly sê: “Wie in Joab behae het
en wie aan Dawid behoort,[d] laat
hom Joab volg!” **12** Die hele
tyd het Ama′sa in die middel
van die grootpad in die bloed
lê en rol.[e] Toe die man sien dat
al die manskappe bly staan, het
hy Ama′sa uit die grootpad na
die veld verskuif. Uiteindelik
het hy ’n kleed oor hom gegooi,
omdat hy gesien het dat elk-
een wat by hom kom, bly staan.[f]
**13** Toe hy hom uit die groot-
pad verwyder het, het elke man
verbygegaan en Joab gevolg om
Seba,[g] die seun van Bigri, agter-
na te sit.

**14** En Seba het deur al die
stamme van Israel na Abel van
Bet-Ma′äga[h] getrek. Wat al die
Bigriete betref, hulle het toe
bymekaargekom en ook agter
hom aan daar ingegaan.

**15** En hulle het gekom en
hom in Abel van Bet-Ma′äga be-
leër en ’n beleëringskans teen
die stad opgewerp,[i] aangesien

HFST. 20
a 2Sa 19:43
b De 13:6, De 13:9, 1Kn 12:16, 2Kr 10:16
c 2Sa 15:12, Spr 6:19, Spr 24:21, Ga 5:20
d 2Sa 19:15, 2Sa 19:42
e 2Sa 5:11
f 2Sa 15:16, 2Sa 16:21
g 2Sa 16:22
h 2Sa 17:25, 2Sa 19:13, 1Kr 2:17
i 1Sa 26:6, 2Sa 10:10, 2Sa 23:18, 1Kr 11:20, 1Kr 18:12
j 2Sa 20:1
k 2Sa 15:12
l 2Sa 11:11, 1Kn 1:33
m 2Sa 8:16
n 2Sa 8:18, 1Kr 18:17
o 2Sa 15:18, 1Kn 1:38
p Jos 18:25, Jos 21:17
q 2Sa 17:25, 2Sa 19:13

Tweede kol.
a Ps 55:21, Spr 26:24, Mi 7:2
b Lu 22:47
c Nu 35:16, 2Sa 3:27, 1Kn 2:5, Ps 55:23
d 2Sa 20:2, 2Sa 20:4
e Ge 4:10, Ge 9:5
f 2Sa 2:23
g 2Sa 20:1
h 1Kn 15:20, 2Kn 15:29, 2Kr 16:4
i Pr 9:14, Jer 33:4, Lu 19:43

dit binne ’n skans gestaan het.
En al die manskappe wat by
Joab was, was besig om die
muur te ondermyn, om dit te
laat instort. **16** En ’n wyse
vrou[a] het uit die stad begin
roep: “Luister, manne, luis-
ter! Sê asseblief vir Joab: ‘Kom
tot hier naby, en laat my met
u praat.’” **17** En hy het naby
haar gekom, en die vrou het toe
gesê: “Is u Joab?” waarop hy ge-
sê het: “Ja.” Hierop het sy vir
hom gesê: “Luister na die woor-
de van u slavin.”[b] Toe het hy
gesê: “Ek luister.” **18** En sy
het verder gesê: “In vroeër
tye het hulle gewoonlik son-
der uitsondering gepraat en ge-
sê: ‘Laat hulle maar net in
Abel vra, en so sal hulle beslis
die saak afhandel.’ **19** Ek ver-
teenwoordig die vredeliewen-
des[c] en getroues[d] van Israel. U
is daarop uit om ’n stad[e] en ’n
moeder in Israel dood te maak.
Waarom sou u die erfdeel[f] van
Jehovah verswelg?”[g] **20** Hier-
op het Joab geantwoord en ge-
sê: “Dit is vir my heeltemal on-
denkbaar dat ek sou verswelg
en dat ek sou verwoes. **21** Die
saak is nie so nie, maar ’n man
uit die bergstreek van E′fraim,[h]
met die naam Seba,[i] die seun
van Bigri, het sy hand teen
koning Dawid opgehef.[j] LEWER
hom alleen uit,[k] en ek sal van
die stad af wegtrek.”[l] Toe het
die vrou vir Joab gesê: “Kyk! Sy
kop[m] sal oor die muur na u toe
gegooi word!”

**22** Dadelik het die vrou in
haar wysheid[n] na al die mense
toe gegaan, en hulle het die kop
van Seba, die seun van Bigri,
afgekap en dit na Joab toe ge-
gooi. Daarop het hy op die ho-
ring geblaas,[o] en toe is hulle van
die stad af verstrooi, elkeen na
sy huis; en Joab het na Jerusa-
lem na die koning toe terugge-
keer.

**23** En Joab was oor die hele
leër[a] van Israel; en Bena′ja,[b] die
seun van Jo′jada,[c] was oor die
Keretiete[d] en oor die Peletie-
te.[e] **24** En Ado′ram[f] was oor
diegene wat tot dwangarbeid
verplig is; en Jo′safat,[g] die seun
van Ahi′lud, was die kroniek-
skrywer. **25** En Sewa[h] was se-
kretaris,[i] en Sadok[j] en Abja′-
tar[k] was priesters. **26** En ook
Ira, die Jaïriet, het ’n priester[l]
van Dawid geword.

**21** En in die dae van Da-
wid was daar ’n honger-
snood,[m] drie jaar lank, jaar na
jaar; en Dawid het die aan-
gesig van Jehovah geraadpleeg.
Toe het Jehovah gesê: “Op Saul
en op sy huis is daar bloed-
skuld, omdat hy die Gibeonie-
te doodgemaak het.”[n] **2** Toe
het die koning die Gibeonie-
te[o] geroep en met hulle ge-
praat. (Terloops, die Gibeoniete
het nie tot die kinders van Is-
rael behoort nie, maar tot die
oorblyfsel van die Amoriete;[p]
en die kinders van Israel het
vir hulle gesweer,[q] maar Saul
het hulle probeer verslaan[r] om-
dat hy jaloers was[s] ten opsig-
te van die kinders van Israel
en Juda.) **3** En Dawid het vir
die Gibeoniete gesê: “Wat sal ek
vir julle doen, en waarmee sal
ek versoening doen,[t] sodat jul-
le die erfdeel[u] van Jehovah be-
slis kan seën?” **4** Toe het die
Gibeoniete vir hom gesê: “Dit
gaan nie vir ons om silwer of
goud[v] in verband met Saul en
sy huis nie, en ook kom dit
ons nie toe om ’n man in Is-
rael dood te maak nie.” Daar-
op het hy gesê: “Wat julle sê,
sal ek vir julle doen.” **5** Hier-
op het hulle vir die koning ge-
sê: “Die man wat ons uitgeroei

HFST. 20
a 1Sa 25:3; 2Sa 14:2
b 1Sa 25:24
c Spr 12:20
d Ge 18:23
e De 20:10
f Eks 19:5; De 32:9; 2Sa 21:3
g 2Sa 17:16; Ps 124:3
h Jos 17:15; Rig 2:9
i 2Sa 20:1
j 2Sa 20:6
k Nu 16:24; Jos 7:13; Spr 17:11
l Nu 16:26
m 1Sa 17:51; 1Sa 31:9; 2Kn 10:7
n Pr 9:15; Pr 9:18
o 2Sa 2:28; 2Sa 18:16

Tweede kol.
a 2Sa 8:16; 2Sa 19:13; 1Kr 18:15
b 2Sa 23:20; 1Kn 1:38; 1Kr 27:5
c 1Kr 12:27
d 2Sa 8:18
e 2Sa 15:18; 1Kn 1:44
f 1Kn 4:6; 1Kn 12:18
g 1Kn 4:3
h 1Kr 18:16
i 2Sa 8:17
j 2Sa 15:27; 2Sa 17:15; 1Kn 4:4
k 2Sa 19:11
l 1Kr 18:17

HFST. 21
m Le 26:20; De 11:17
n Ge 9:6; Eks 20:13; Eks 21:23; Nu 35:30; Nu 35:33
o Jos 9:3; Jos 9:17; Jos 9:27
p Ge 10:16; Ge 48:22
q Jos 9:15
r Ese 17:18
s Spr 27:4
t Eks 32:30; Le 1:4
u 2Sa 20:19
v Nu 35:31

het[a] en wat planne beraam het[b]
om ons te verdelg sodat ons in
geen gebied van Israel sou be-
staan nie— **6** laat sewe man-
ne van sy seuns aan ons gegee
word;[c] en ons sal hulle voor Je-
hovah vertoon[d] in Gi′bea[e] van
Saul, die uitverkorene van Je-
hovah.”[f] Toe het die koning ge-
sê: “Ek sal hulle gee.”

**7** Maar die koning het mede-
lye gevoel vir Mefibo′set,[g] die
seun van Jo′natan, die seun van
Saul, weens die eed[h] van Jeho-
vah wat tussen hulle was, tus-
sen Dawid en Jo′natan, die seun
van Saul. **8** Gevolglik het die
koning die twee seuns geneem
van Rispa,[i] die dogter van Ajja,
wat sy vir Saul gebaar het, Ar-
mo′ni en Mefibo′set, en die vyf
seuns van Migal,[j] die dogter
van Saul, wat sy vir A′driël,[k]
die seun van Barsil′lai, die Me-
holatiet, gebaar het. **9** Toe
het hy hulle in die hand van
die Gibeoniete gegee, en dié het
hulle op die berg voor Jehovah
vertoon,[l] sodat al sewe saam ge-
val het; en hulle is in die eerste
dae van die oes doodgemaak,
aan die begin van die garsoes.[m]
**10** Maar Rispa, die dogter van
Ajja,[n] het saklinne[o] geneem en
dit vir haar op die rots uitge-
sprei van die begin van die oes
af totdat daar water uit die he-
mel op hulle neergestort het;[p]
en sy het nie toegelaat dat die
voëls[q] van die hemel bedags op
hulle rus nie, en ook nie die wil-
de diere[r] van die veld snags nie.

**11** Eindelik is daar aan Da-
wid berig gebring[s] wat Rispa,
die dogter van Ajja, Saul se by-
vrou, gedoen het. **12** Toe het
Dawid die beendere van Saul[t]
en die beendere van sy seun Jo′-
natan by die grondeienaars van
Ja′bes-Gi′lead[u] gaan haal, wat
hulle van die openbare plein
van Bet-San[a] gesteel het, waar
die Filistyne hulle opgehang
het[b] op die dag toe die Fi-
listyne Saul op Gilbo′a dood-
gemaak het.[c] **13** En hy het
die beendere van Saul en die
beendere van sy seun Jo′natan
daarvandaan opgebring; hulle
het ook die beendere versamel
van die manne wat vertoon is.[d]
**14** Toe het hulle die beendere
van Saul en van sy seun Jo′na-
tan in die land van Benjamin, in
Sela,[e] in die graf van sy vader
Kis[f] begrawe, sodat hulle alles
kon doen wat die koning beveel
het. En hierna het God die drin-
gende versoek ten gunste van
die land aangehoor.[g]

**15** En die Filistyne[h] het weer
teen Israel oorlog gevoer. Toe
het Dawid en sy knegte saam
met hom afgetrek en teen die
Filistyne geveg; en Dawid het
moeg geword. **16** En Jisbi-Be-
nob, wat onder dié was wat
uit die Refaïete[i] gebore is, wie
se spies[j] driehonderd sikkels
koper in gewig was en wat met
’n nuwe swaard omgord was,
het daaraan gedink om Dawid
dood te maak. **17** Dadelik het
Abi′sai,[k] die seun van Seru′ja,
hom te hulp gekom[l] en die Fili-
styn neergeslaan en hom dood-
gemaak. Toe het die manne van
Dawid vir hom gesweer en gesê:
“U mag nie meer saam met ons
na die geveg uittrek nie,[m] sodat
u die lamp[n] van Israel nie uit-
doof nie!”[o]

**18** En hierna het daar weer
eens oorlog met die Filistyne
ontstaan in Gob. Toe het Sib′-
begai,[p] die Husatiet,[q] Saf dood-
gemaak, wat onder dié was wat
uit die Refaïete[r] gebore is.

**19** En daar het weer eens
oorlog met die Filistyne ont-
staan in Gob, en El′hanan,[s] die
seun van Ja′äre-O′regim, die

**HFST. 21**

a 2Sa 21:1, Mt 7:2
b Est 9:24
c De 19:21, Ps 9:12
d Ge 40:19, Nu 25:4, De 21:22
e 1Sa 10:26
f 1Sa 9:17
g 2Sa 4:4, 2Sa 9:10, 2Sa 19:24
h 1Sa 18:3, 1Sa 20:42
i 2Sa 3:7
j 1Sa 18:20, 1Sa 25:44, 2Sa 3:14, 2Sa 6:23
k 1Sa 18:19
l Nu 35:31, De 19:21, 1Sa 15:33
m Rut 1:22
n 2Sa 3:7
o 1Kn 21:27, Jl 1:13
p De 11:14, Jer 5:24
q Ge 40:19
r Ese 39:4
s Rut 2:11
t 1Sa 31:13
u 2Sa 2:5

**Tweede kol.**

a 1Sa 31:10
b 1Sa 31:12
c 1Sa 28:4, 1Sa 31:1, 2Sa 1:6, 2Sa 1:21, 1Kr 10:8
d 2Sa 21:9
e Jos 18:28
f 1Sa 9:1, 1Sa 10:11
g Jos 7:26, 2Sa 24:25
h 2Sa 5:17, 2Sa 5:22
i De 2:11
j 1Sa 17:7, 1Kr 11:23
k 2Sa 23:18
l 2Sa 22:19
m 2Sa 18:3
n 1Kn 11:36, 1Kn 15:4, 2Kn 8:19
o 2Sa 14:7
p 1Kr 11:29, 1Kr 20:4, 1Kr 27:11
q 2Sa 23:27
r Ge 14:5, 2Sa 21:16
s 1Kr 20:5

Betlehemiet, het Go′liat, die
Gittiet, doodgemaak, wie se
spiessteel soos ’n wewersbalk
was.[a]
**20** En daar het weer eens
oorlog ontstaan in Gat,[b] toe
daar ’n buitengewone groot
man was, met ses vingers aan
elke hand en ses tone aan elke
voet, vier-en-twintig in getal;
en ook hy is vir die Refaïete[c] ge-
bore. **21** En hy het Israel bly
uittart.[d] Uiteindelik het Jo′na-
tan,[e] die seun van Si′meï,[f] Da-
wid se broer, hom doodgemaak.
**22** Hierdie vier is vir die Re-
faïete in Gat gebore;[g] en hulle
het deur die hand van Dawid en
deur die hand van sy knegte ge-
val.[h]

**22** En Dawid het die woorde
van hierdie lied[i] tot Jeho-
vah gespreek op die dag toe Je-
hovah hom uit die palm van al
sy vyande[j] en uit Saul se palm
verlos het;[k] **2** en hy het gesê:

“Jehovah is my groot rots[l] en my vesting[m] en die Een wat aan my ontkoming verskaf.[n]

**3** My God is my rots.[o] Tot hom sal ek my toevlug neem,
My skild[p] en my horing[q] van redding, my veilige hoogte[r]
En my toevlug,[s] my Redder;[t] van geweld red u my.[u]

**4** Die Een wat geloof moet word,[v] Jehovah, sal ek aanroep,
En van my vyande sal ek gered word.[w]

**5** Want dodelike branders het my omring;[x]
Stortvloede van deugniete het my bly verskrik.[y]

**6** Ja, die toue van Sjeool het my omsluit;[z]
Die strikke van die dood het teen my gekom.[a]

**7** In my benoudheid het ek Jehovah bly aanroep,[b]
En tot my God het ek bly roep.[c]
Toe het hy uit sy tempel my stem gehoor,[d]
Met my hulpgeroep in sy ore.[e]

**8** En die aarde het heen en weer begin skud en bewe;[f]
Ja, die fondamente van die hemel het in beroering geraak,[g]
En hulle het heen en weer bly skud omdat hy vertoornd was.[h]

**9** Rook het by sy neusgate opgegaan, en vuur uit sy mond het bly verteer;[i]
Kole het uit hom opgevlam.[j]

**10** En hy het die hemel afgebuig en neergedaal;[k]
En dik donkerheid was onder sy voete.[l]

**11** En hy het op ’n gerub aangery gekom[m] en het aangevlieg gekom;
En hy was sigbaar op die vlerke van ’n gees.[n]

**12** Toe het hy duisternis rondom hom as hutte gestel,[o]
Donker waters, dik wolke.[p]

**13** Uit die glans voor hom het brandende vuurkole opgevlam.[q]

**14** Uit die hemel het Jehovah begin donder,[r]
En die Allerhoogste het sy stem laat hoor.[s]

**15** En hy het pyle bly uitstuur, om hulle te verstrooi;[t]
Weerlig, om hulle in verwarring te bring.[u]

**HFST. 21**
a 1Sa 17:7
b 1Kr 20:6
c 2Sa 21:16
d 1Sa 17:10; 1Sa 17:45; 2Kn 19:22
e 1Kr 20:7
f 1Sa 16:9; 1Sa 17:13; 1Kr 2:13
g 1Kr 20:8
h Ps 60:12; Ps 108:13; Ese 32:27

**HFST. 22**
i Eks 15:1; Rig 5:1
j Ps 18:Ops; Ps 34:19
k 1Sa 23:14
l Ps 18:2
m Ps 31:3
n Ps 144:2
o De 32:4; 1Sa 2:2; Ps 144:1
p Ge 15:1; De 33:29; Ps 3:3
q 1Sa 2:1
r Ps 9:9; Ps 18:2; Ps 61:3; Spr 18:10
s Ps 59:16; Jer 16:19
t Jes 12:2; Lu 1:47; Tit 3:4
u Ps 72:14
v Ps 148:1
w Ps 18:3
x Ps 69:14
y Ps 18:4
z Ps 116:3

**Tweede kol.**
a Ps 18:5
b Ps 120:1; Ps 142:1; Jon 2:2
c Ps 116:4
d Ps 18:6
e Eks 3:7; Ps 34:15
f Rig 5:4
g Job 26:11
h Ps 18:7; Ps 77:18; Ps 97:4
i Ps 97:3; Jes 30:27
j Ps 18:8
k Ps 144:5; Jes 64:1
l De 4:11; 1Kn 8:12; Ps 18:9; Ps 97:2
m 1Sa 4:4; Ps 80:1; Ps 99:1
n Ps 18:10; Heb 1:7
o Job 36:29
p Ps 18:11
q Ps 18:12
r Eks 19:16; 1Sa 2:10; s Ps 18:13; Jes 30:30; t Ps 7:13; Ps 77:17; u Ps 18:14; Ps 144:6.

16 En die stroombeddings van die see het sigbaar geword,[a]
Die fondamente van die vrugbare land[b] is blootgelê,
Deur die bestrawwing van Jehovah, weens die geblaas van die asem van sy neusgate.[c]
17 Hy het uit die hoogte gestuur, hy het my geneem,[d]
Hy het my uit groot waters getrek.[e]
18 Hy het my van my sterk vyand verlos,[f]
Van my haters; omdat hulle sterker was as ek.[g]
19 Hulle het hulle teenoor my bly stel op die dag van my ongeluk,[h]
Maar Jehovah het my steun geword.[i]
20 En hy het my uitgebring in ’n ruim plek;[j]
Hy het my gered, omdat hy behae in my gehad het.[k]
21 Jehovah beloon my volgens my regverdigheid;[l]
Volgens die reinheid van my hande vergeld hy my.[m]
22 Want ek het die weë van Jehovah gehou,[n]
En ek het nie goddeloos van my God afgewyk nie.[o]
23 Want al sy regterlike beslissings[p] is voor my;
En wat sy insettinge betref, ek sal nie daarvan afwyk nie.[q]
24 En ek sal onberispelik[r] teenoor hom wees,
En ek sal my onthou van oortreding.[s]
25 En laat Jehovah my vergeld volgens my regverdigheid,[t]
Volgens my reinheid voor sy oë.[a]
26 Met iemand wat lojaal is, sal u lojaal handel;[b]
Met die onberispelike, sterk man sal u onberispelik handel;[c]
27 Teenoor die een wat rein bly, sal u u rein betoon,[d]
En teenoor die verdorwene sal u asof met dwaasheid optree.[e]
28 En u sal die nederige volk red;[f]
Maar u oë is teen die hoogmoediges, om hulle te verlaag.[g]
29 Want u is my lamp, o Jehovah,[h]
En Jehovah verlig my duisternis.[i]
30 Want deur u kan ek ’n rowerbende stormloop;[j]
Deur my God kan ek ’n muur klim.[k]
31 Wat die ware God betref, volmaak is sy weg;[l]
Die woord van Jehovah is gelouter.[m]
’n Skild is hy vir almal wat hulle toevlug tot hom neem.[n]
32 Want wie is ’n God buiten Jehovah,[o]
En wie is ’n rots buiten ons God?[p]
33 Die ware God is my sterk vesting,[q]
En hy sal my weg volmaak laat wees,[r]
34 Deur my voete soos dié van die takbokooie te maak;[s]
En op plekke wat vir my hoog is, hou hy my staande.[t]

HFST. 22
a Eks 14:21 Ps 106:9 Ps 114:3 Na 1:4
b 1Sa 2:8 1Kr 16:30 Ps 9:8 Ps 33:8 Ps 77:18
c Eks 15:8 Ps 18:15
d Ps 18:16 Ps 144:7
e Ps 32:6 Ps 124:4 Klg 3:54
f Ps 3:7 Ps 56:9
g Ps 18:17
h 1Sa 19:11 1Sa 23:26 2Sa 15:10
i Ps 18:18 Ps 118:10 Jes 50:10
j Ps 31:8 Ps 118:5
k Ps 18:19 Ps 149:4
l 1Sa 26:23 1Kn 8:32
m Ps 18:20 Ps 24:4
n Spr 8:32 Pr 12:13
o Ps 18:21
p De 6:1 De 7:12 Ps 19:9 Ps 119:30
q De 8:11 Ps 18:22
r Ge 6:9 Ge 17:1 De 18:13 Ps 84:11
s Ps 18:23 Spr 14:16
t Job 34:11 Ps 7:8 Jes 3:10 Heb 11:6

Tweede kol.
a Ps 18:24 Spr 5:21
b Ps 37:28 Ps 86:2 Ps 97:10 Jer 3:12
c Ps 18:25
d Ps 18:26 Mt 5:8 1Pe 1:16
e De 28:62 Ps 125:5 Ro 1:28
f Job 34:28 Sef 3:12
g Job 40:11 Ps 18:27 Ps 101:5 Da 4:37 1Pe 5:5
h Job 29:3 Ps 27:1 Jes 60:19
i Ps 18:28 Ps 97:11 Mt 13:43
j Flp 4:13 Heb 11:34
k De 2:36; Ps 18:29; l De 32:4; m Ps 12:6; Ps 119:140; Spr 30:5; n 2Sa 22:3; Ps 18:30; Ps 35:2; Ps 91:4; o Jes 44:6; Jes 45:5; 1Ko 8:4; p De 32:31; 1Sa 2:2; Ps 18:31; Ps 94:22; Ps 95:1; q Ps 27:1; Ps 31:4; Jes 12:2; r Ps 18:32; Jes 26:7; s Ps 18:33; Hab 3:19; t De 32:13; Jes 33:16; Jes 58:14.

35 Hy leer my hande om oorlog te voer;[a]
En my arms het ’n koperboog gespan.[b]
36 En u sal my u skild van redding gee,[c]
En u nederigheid maak my groot.[d]
37 U sal genoeg ruimte maak vir my voetstappe onder my;[e]
En my enkels sal beslis nie wankel nie.[f]
38 Ek sal my vyande agtervolg, om hulle te verdelg,
En ek sal nie terugkeer voordat hulle uitgeroei is nie.[g]
39 En ek sal hulle uitroei en hulle verpletter,[h] sodat hulle nie sal opstaan nie;[i]
En hulle sal onder my voete val.[j]
40 En u sal my met lewenskragtigheid omgord vir die stryd;[k]
U sal dié wat teen my opstaan, onder my laat inmekaarsak.[l]
41 En wat my vyande betref, u sal my beslis die agterkant van hulle nek gee;[m]
Dié wat my intens haat —ek sal hulle ook tot swye bring.[n]
42 Hulle roep om hulp, maar daar is geen redder nie;[o]
Tot Jehovah, maar hy antwoord hulle nie.[p]
43 En ek sal hulle fynstamp soos die stof van die aarde;
Soos die modder van die strate sal ek hulle vermorsel;[q]
Ek sal hulle platslaan.
44 En u sal aan my ontkoming verskaf van die foutvindery van my volk.[r]
U sal my bewaar om die hoof van nasies te wees;[a]
’n Volk wat ek nie geken het nie—hulle sal my dien.[b]
45 Uitlanders sal kruipend na my toe kom;[c]
Ore sal gehoorsaam wees om my te hoor.[d]
46 Uitlanders sal wegkwyn,
En hulle sal bewend uit hulle verskansings kom.[e]
47 Jehovah lewe;[f] en mag my Rots geloof word;[g]
En laat die God van die rots van my redding verhef word.[h]
48 Die ware God is die Een wat my die wraak gee[i]
En wat die volke onder my neerwerp,[j]
49 En wat my onder my vyande uitbring.[k]
En bo dié wat teen my opstaan, sal u my verhef;[l]
Van die man van gewelddade sal u my verlos.[m]
50 Daarom sal ek u dank, o Jehovah, onder die nasies;[n]
En u naam sal ek met melodieë besing:[o]
51 Die Een wat groot reddingsdade vir sy koning verrig[p]
En liefderyke goedhartigheid aan sy gesalfde bewys,[q]
Aan Dawid en aan sy saad tot onbepaalde tyd.”[r]

**23** En dít is die laaste woorde van Dawid:[s]
“Die woord van Dawid, die seun van Isai,[t]
En die woord van die man wat hoog verhef is,[u]

**HFST. 22**
a Ps 144:1
b Ps 18:34
c Ps 18:35
d Ps 113:6
e Ps 4:1; Ps 18:36
f Ps 17:5
g Ps 18:37
h Ps 110:6
i Eks 14:13
j Ps 18:38; Ps 110:1; Mal 4:3
k 1Sa 23:5; Ps 44:3
l 1Sa 17:49; Ps 18:39; Ps 44:5; Ps 144:2
m Ge 49:8; Eks 23:27; Jos 10:24
n Ps 18:40; Ps 21:8
o Ps 18:41
p 1Sa 28:6; Job 27:9; Spr 1:28; Jes 1:15; Ese 20:3; Mi 3:4
q Ps 18:42; Jes 10:6; Mi 7:10; Sag 10:5
r 1Sa 30:6; 2Sa 15:12

**Tweede kol.**
a De 28:13; 2Sa 8:3; Ps 2:8; Ps 60:8
b Ps 18:43; Jes 55:5; Jes 65:1; Ho 2:23; Han 15:14
c De 33:29; 1Kn 10:24; Jes 61:5; Sag 8:23
d Ps 18:44
e Ps 18:45; Mi 7:17
f De 32:40
g De 32:4
h Ps 18:46; Ps 89:26
i 1Sa 25:29; 2Sa 18:19; Ps 94:1
j Ps 18:47; Ps 110:1; Ps 144:2; 1Ko 15:25
k Ps 18:48
l 2Sa 5:12; 2Sa 7:9
m Ps 140:1
n De 32:43; Ps 18:49; Ps 117:1; Ro 15:9
o 1Kr 16:9; Ps 145:2; Ps 146:2
p Ps 2:6; Ps 21:1
q Ps 18:50; Ps 89:20

r Ps 89:29; Ps 89:36; Lu 1:33; **HFST. 23** s Ge 49:1; De 33:1; t Rut 4:22; 1Sa 17:58; Mt 1:6; u 2Sa 7:8.

Die gesalfde[a] van die God
van Jakob,
En die lieflike van die me-
lodieë[b] van Israel.
2 Die gees van Jehovah het
deur my gespreek,[c]
En sy woord was op my
tong.[d]
3 Die God van Israel het gesê,
Tot my het die Rots van
Israel gespreek:[e]
‘Wanneer ’n heerser oor
mense regverdig is,[f]
In die vrees van God
heers,[g]
4 Dan is dit soos die môrelig,
wanneer die son skyn,[h]
’n Oggend sonder wolke.
Van die glans, van die
reën, spruit daar gras
uit die aarde voort.’[i]
5 Want is my huis nie so by
God nie?[j]
Want ’n verbond wat tot
onbepaalde tyd duur,[k]
het hy aan my toege-
wys,
Goed georden in alles en
verseker.[l]
Omdat dit my hele redding[m]
en al my behae is,
Is dit nie waarom hy dit
sal laat groei nie?[n]
6 Maar deugniete[o] word ver-
jaag,[p] soos doringbos-
se,[q] hulle almal;
Want met die hand moet
hulle nie gevat word
nie.
7 Wanneer ’n man aan hulle
raak,
Moet hy ten volle gewa-
pen wees met yster en
spiessteel,
En met vuur sal hulle
heeltemal verbrand
word.”[r]

8 Dít is die name van die
sterk[s] manne wat aan Dawid
behoort het: Jo′seb-Basse′bet,[t]
’n Tagkemoniet, die hoof van
die drie. Hy het sy spies ge-
swaai oor agthonderd wat in
een slag gesneuwel het. 9 Ná
hom was Elea′sar,[a] die seun
van Dodo,[b] die seun van Aho′-
hi, onder die drie sterk manne
by Dawid toe hulle die Filisty-
ne uitgetart het. Hulle het daar
bymekaargekom vir die stryd,
en toe het die manne van Israel
teruggetrek.[c] 10 Dit was hy
wat opgestaan en die Filistyne
doodgemaak het totdat sy hand
moeg geword het en sy hand
aan die swaard gekleef het,[d] so-
dat Jehovah op dié dag ’n groot
redding bewerk het;[e] en wat die
manskappe betref, hulle het te-
ruggekeer agter hom aan net
om dié wat doodgemaak is, te
stroop.[f]

11 En ná hom was Samma,
die seun van Agee, die Ha-
rariet.[g] En die Filistyne het
by Legi bymekaargekom, waar
daar toe ’n stuk land vol len-
sies was;[h] en die volk het vir die
Filistyne gevlug. 12 Maar hy
het in die middel van die stuk
land gaan staan en dit bevry
en die Filistyne bly doodmaak,
sodat Jehovah ’n groot redding
bewerk het.[i]

13 En drie van die dertig
hoofde[j] het afgegaan en in die
oestyd by Dawid by die grot
van Adul′lam[k] gekom; en ’n
tentdorp van die Filistyne was
in die laagvlakte van die Refa-
iete[l] opgeslaan. 14 En Dawid
was toe in die moeilik toegank-
like plek;[m] en ’n voorpos[n] van
die Filistyne was toe in Betle-
hem. 15 Na ’n ruk het Dawid
sy begeerte uitgespreek en ge-
sê: “Ag, as ek maar van die
water kon drink uit die reën-
put van Betlehem wat by die
poort is!”[o] 16 Daarop het die

HFST. 23
a 1Sa 16:13 Ps 89:20
b 1Kr 16:9 Am 6:5
c Sag 7:12 Mr 12:36 2Ti 3:16
d Han 1:16 2Pe 1:21
e De 32:4 Ps 144:1
f Spr 29:2 Jes 9:7 Jes 32:1
g Eks 18:21 2Kr 19:7 Ne 5:15 Jes 11:3
h Mal 4:2 Mt 17:2 Op 1:16
i De 32:2 De 33:14 Ps 72:6 Jes 55:10 Mi 5:7
j 2Sa 7:19
k 2Sa 7:16 1Kn 9:5 1Kr 17:11 Ps 89:3 Ps 89:28 Ps 132:11
l 1Kn 11:38
m Ps 62:2
n Jes 9:7 Jes 11:1 Am 9:11
o 2Sa 20:1 2Sa 22:5 Ps 18:4
p Ps 37:10 Na 1:15
q Jes 33:12
r Jes 27:4 Mt 13:40 Joh 15:6 Heb 6:8
s 2Sa 10:7 2Sa 20:7 1Kr 11:10
t 1Kr 11:11 1Kr 27:2

Tweede kol.
a 1Kr 11:12
b 1Kr 27:4
c 1Kr 11:13
d Rig 8:4
e Rig 15:14 1Sa 14:6 1Sa 19:5 1Kr 11:14 Ps 144:10
f Ps 68:12
g 2Sa 23:33 1Kr 11:34
h Ge 25:34 2Sa 17:28 Ese 4:9
i Ps 3:8 Ps 44:3 Spr 21:31
j 1Kr 11:15
k Jos 15:35 1Sa 22:1 Mi 1:15
l Jos 15:8 2Sa 5:22 1Kr 14:9
m 1Sa 22:4 1Kr 12:16
n 1Sa 13:23; 1Sa 14:4; 1Kr 11:16; o 1Kr 11:17.

drie sterk manne die kamp van
die Filistyne binnegedring en
water geskep uit die reënput
van Betlehem wat by die poort
is en dit gedra en na Dawid
toe gebring;[a] en hy wou dit
nie drink nie, maar het dit vir
Jehovah uitgegiet.[b] **17** En hy
het gesê: "Dit is vir my ondenk-
baar,[c] o Jehovah, dat ek dit sou
doen! Sal ek die bloed[d] drink
van die manne wat met gevaar
vir hulle siel gegaan het?" En
hy wou dit nie drink nie.

Dit is die dinge wat die drie
sterk manne gedoen het.

**18** Wat Abi′sai[e] betref, die
broer van Joab, die seun van Se-
ru′ja,[f] hy was die hoof van die
dertig, en hy het sy spies oor
driehonderd gesneuweldes ge-
swaai, en hy het 'n reputasie
soos die drie gehad.[g] **19** Hoe-
wel hy selfs meer aansien as die
res van die dertig geniet het, en
hy hulle hoof geword het, het
hy nie die status van die eerste
drie verkry nie.[h]

**20** Wat Bena′ja[i] betref, die
seun van Jo′jada,[j] die seun van
'n dapper man, wat baie dade
in Kab′seël[k] gedoen het, hy het
die twee seuns van A′riël uit
Moab doodgemaak; en hy het
afgeklim en 'n leeu[l] binne-in
'n waterput doodgemaak op 'n
sneeudag.[m] **21** En dit was hy
wat die buitengewone groot
Egiptenaar doodgemaak het.[n]
Hoewel daar 'n spies in die hand
van die Egiptenaar was, het hy
nietemin met 'n stok na hom
toe afgegaan en die spies uit
die Egiptenaar se hand geruk
en hom met sy eie spies doodge-
maak.[o] **22** Hierdie dinge het
Bena′ja,[p] die seun van Jo′ja-
da, gedoen; en hy het 'n repu-
tasie soos die drie sterk man-
ne gehad.[q] **23** Hoewel hy selfs
meer aansien as die dertig ge-
niet het, het hy nie die status
van die drie verkry nie; maar
Dawid het hom oor sy lyfwag
aangestel.[a]

**24** A′sahel,[b] die broer van
Joab, was onder die dertig; El′-
hanan,[c] die seun van Dodo uit
Betlehem; **25** Samma,[d] die
Harodiet; Eli′ka, die Harodiet;
**26** Heles,[e] die Paltiet; Ira,[f] die
seun van Ikkes,[g] die Tekoïet;
**27** Abiëser,[h] die Anatotiet;[i] Me-
bunnai′, die Husatiet;[j] **28** Sal-
mon, die Ahohiet;[k] Ma′harai,[l]
die Netofatiet; **29** Heleb,[m] die
seun van Baäna, die Netofatiet;
Ittai,[n] die seun van Ribai, uit
Gi′bea van die kinders van Ben-
jamin; **30** Bena′ja,[o] 'n Pirato-
niet; Hiddai, uit die stroomval-
leie van Gaäs;[p] **31** Abi-Albon,
die Arbatiet; Asma′wet,[q] die
Bar-Humiet; **32** El′jagba, die
Sa′älboniet; die seuns van Ja-
sen; Jo′natan;[r] **33** Samma, die
Harariet; Ahi′am,[s] die seun van
Sarar, die Harariet; **34** Elife′-
let, die seun van Ahas′bai, die
seun van die Maägatiet; Eli′am,
die seun van Agito′fel,[t] die Gi-
loniet; **35** Hesro,[u] die Karme-
liet; Pa′ärai, die Arbiet; **36** Ji-
gal, die seun van Natan[v] uit
Soba; Bani, die Gadiet; **37** Se-
lek,[w] die Ammoniet, en Na′ha-
rai, die Beërotiet, wapendraers
van Joab, die seun van Seru′-
ja; **38** Ira, die Jitriet;[x] Gareb,[y]
die Jitriet; **39** Uri′a,[z] die He-
tiet—altesaam sewe-en-dertig.

**24** En weer[a] het die toorn
van Jehovah teen Israel
ontvlam, toe iemand Dawid
teen hulle aangehits het deur te
sê: "Gaan tel[b] Israel en Juda."
**2** Toe het die koning vir Joab,[c]
die hoof van die krygsmag, wat
by hom was, gesê: "Trek asse-
blief rond deur al die stamme
van Israel, van Dan tot Berse′-

**HFST. 23**

a 1Kr 11:18
b Le 9:9; Le 17:13
c 1Kr 11:19
d Ge 9:4; Le 17:10; De 12:23; Han 15:29
e 1Sa 26:6; 2Sa 21:17
f 2Sa 2:18; 1Kr 2:16
g 1Kr 11:20
h 1Kr 11:21
i 2Sa 8:18; 2Sa 20:23; 1Kn 1:8; 1Kn 2:29; 1Kr 18:17
j 1Kr 27:5
k Jos 15:21
l Spr 30:30
m 1Kr 11:22
n 1Kr 11:23
o 1Sa 17:51
p 2Sa 23:20; 1Kr 27:6
q 1Kr 11:24

**Tweede kol.**

a 1Kr 11:25
b 2Sa 2:18; 2Sa 2:23; 1Kr 2:16; 1Kr 27:7
c 1Kr 11:26
d 1Kr 27:8
e 1Kr 27:10
f 1Kr 27:9
g 1Kr 11:28
h 1Kr 27:12
i Jos 21:18; 1Kr 6:60; Jer 1:1
j 1Kr 27:11
k 1Kr 11:29
l 1Kr 27:13
m 1Kr 11:30
n 1Kr 11:31
o 1Kr 27:14
p Rig 2:9; 1Kr 11:32
q 1Kr 11:33
r 1Kr 11:34
s 1Kr 11:35
t 2Sa 15:31; 2Sa 16:23; 2Sa 17:23; 1Kr 27:33
u 1Kr 11:37
v 1Kr 11:38
w 1Kr 11:39
x 1Kr 2:53
y 1Kr 11:40
z 2Sa 11:3; 1Kn 15:5; 1Kr 11:41

**HFST. 24**

a 2Sa 21:1
b 1Kr 21:1; 1Kr 27:23
c 2Sa 8:16; 2Sa 20:23

ba,[a] en registreer julle die
volk,[b] en ek sal beslis die getal
van die volk weet."[c] **3** Maar
Joab het vir die koning gesê:
"Mag Jehovah u God by die volk
selfs honderd keer meer by-
voeg as wat hulle is terwyl die
oë van my heer die koning dit
sien. Maar wat my heer die ko-
ning betref, waarom het hy be-
hae geskep in hierdie saak?"[d]

**4** Uiteindelik het die koning
se woord oor Joab en die hoofde
van die krygsmag geseëvier.[e]
En Joab en die hoofde van die
krygsmag het van die koning
af uitgegaan om die volk Israel
te registreer.[f] **5** Toe het hul-
le deur die Jordaan getrek en
kamp opgeslaan by A′roër,[g]
regs van die stad wat in die mid-
del van die stroomvallei lê, en
in die rigting van die Gadiete[h]
en na Jaser[i] gegaan. **6** Daar-
na het hulle tot by Gi′lead[j]
en die land Tagtim-Hodsi ge-
kom en verder gegaan na Dan-
Jaän en omgegaan na Sidon.[k]
**7** Toe het hulle by die vesting
Tirus[l] en al die stede van die
Hewiete[m] en van die Kanaänie-
te gekom en die eindpunt in
die Negeb[n] van Juda in Ber-
se′ba[o] bereik. **8** So het hulle
deur die hele land rondgetrek
en na verloop van nege maan-
de en twintig dae by Jerusalem
gekom. **9** Joab het toe die ge-
tal van die registrasie[p] van die
volk aan die koning gegee; en
Israel was agthonderdduisend
dapper manne wat die swaard
kon trek, en die manne van
Juda was vyfhonderdduisend
man.[q]

**10** En Dawid se hart het
hom begin veroordeel[r] nadat hy
die volk so getel het. Gevolg-
lik het Dawid vir Jehovah ge-
sê: "Ek het grootliks gesondig[s]
deur wat ek gedoen het. En
Jehovah, sien dan nou asse-
blief u kneg se oortreding oor;[a]
want ek het baie dwaas op-
getree."[b] **11** Toe Dawid in die
oggend opstaan, het Jehovah se
woord tot die profeet Gad,[c] Da-
wid se siener,[d] gekom en gesê:
**12** "Gaan, en jy moet vir Dawid
sê: 'Só het Jehovah gesê: "Drie
dinge lê ek jou op.[e] Kies vir jou
een daarvan, dat ek jou dit kan
aandoen."'"[f] **13** Toe het Gad
by Dawid gekom en hom ver-
tel en vir hom gesê:[g] "Moet daar
vir jou sewe jaar hongersnood
in jou land kom,[h] of drie maan-
de waarin jy voor jou teenstan-
ders vlug,[i] terwyl hulle jou ag-
tervolg, of drie dae waarin daar
pes in jou land is?[j] Weet dan
nou en sien wat ek die Een
sal antwoord wat my stuur."
**14** Toe het Dawid vir Gad gesê:
"Ek is baie benoud. Laat ons as-
seblief in die hand van Jehovah
val,[k] want sy barmhartighede is
baie;[l] maar laat my nie in die
hand van die mens val nie."[m]

**15** Toe het Jehovah 'n pes[n] in
Israel gegee van die oggend af
tot op die vasgestelde tyd, so-
dat daar van die volk van Dan
tot Berse′ba[o] sewentigduisend
mense gesterf het.[p] **16** En die
engel[q] het sy hand na Jeru-
salem uitgesteek gehou om dit
te verwoes; en Jehovah het be-
gin spyt voel[r] oor die ramp-
spoed, en daarom het hy vir
die engel wat die verwoesting
onder die volk aangerig het, ge-
sê: "Dit is genoeg! Laat nou jou
hand sak." En Jehovah se en-
gel was naby die dorsvloer van
Arau′na,[s] die Jebusiet.[t]

**17** En toe Dawid die engel
sien wat die volk doodmaak,
het hy vir Jehovah gesê, ja, hy
het gesê: "Kyk, ék het gesondig

**HFST. 24**

a Rig 20:1; 2Sa 3:10
b 1Kr 21:2
c 2Kr 32:25; Spr 18:12; Jer 17:5
d 1Kr 21:3
e 1Kr 21:4; Pr 8:4
f Nu 1:2
g De 2:36; Jos 13:9
h Nu 32:34
i Nu 32:1; Nu 32:35
j Ge 31:21; Nu 32:40
k Ge 10:15; Ge 49:13; Jos 11:8
l Jos 19:29
m Jos 9:7; Jos 11:19
n Jos 15:1
o Ge 21:31; Jos 15:28
p 1Kr 21:5
q Nu 2:32; Nu 26:51; 1Kr 27:23
r 1Sa 24:5; Han 2:37; Ro 2:15; 2Ko 7:10; 1Jo 3:20
s 2Sa 12:13; 1Kr 21:8

**Tweede kol.**

a Ps 130:3; Ho 14:2; 1Jo 1:9
b 1Sa 13:13; Ps 107:17; Pr 10:1
c 1Sa 22:5; 1Kr 21:9
d 1Kr 29:29
e 1Kr 21:10
f Spr 3:12
g 1Kr 21:11
h Le 26:20; De 28:23; 2Sa 21:1; 1Kr 21:12
i Le 26:17; Le 26:36; De 28:25
j Le 26:16; Le 26:25; De 28:22
k 1Kr 21:13; Heb 12:6
l Ne 9:17; Ps 103:8; Ps 119:156
m Rig 6:6; 2Kr 28:5; Jes 47:6
n Nu 16:46; De 28:21; 1Kr 21:14; 1Kr 27:24
o 2Sa 24:2
p De 32:4; Job 34:12; Klg 3:22
q 1Kr 21:15
r Ps 78:38; Jer 26:19; Jl 2:13

s 2Kr 3:1; t Ge 10:16; Jos 15:8; 2Sa 5:9.

en ék het verkeerd gedoen;
maar hierdie skape[a]—wat het
hulle gedoen? Laat u hand asse-
blief teen my[b] en teen die huis
van my vader kom.”
**18** Later het Gad nog die-
selfde dag by Dawid gekom
en vir hom gesê: “Gaan op,
rig vir Jehovah op die dors-
vloer van Arau′na, die Jebusiet,
’n altaar op.”[c] **19** En Dawid
het begin opgaan ooreenkom-
stig die woord van Gad, vol-
gens wat Jehovah beveel het.[d]
**20** Toe Arau′na afkyk en die
koning en sy knegte na hom
toe sien kom, het Arau′na da-
delik uitgegaan en hom met sy
gesig na die aarde[e] voor die ko-
ning neergebuig.[f] **21** Toe het
Arau′na gesê: “Waarom het my
heer die koning na sy kneg toe
gekom?” Daarop het Dawid ge-
sê: “Om die dorsvloer by jou
te koop[g] om vir Jehovah ’n al-
taar te bou, sodat die plaag[h] on-
der die volk gestuit kan word.”
**22** Maar Arau′na het vir Dawid
gesê: “Laat my heer die koning
dit neem[a] en offer wat goed is
in sy oë. Kyk, daar is die beeste
vir die brandoffer en die dors-
slee en die trekgoed van die
beeste vir die hout.[b] **23** Alles,
o koning, gee Arau′na aan die
koning.” En Arau′na het verder
vir die koning gesê: “Mag Jeho-
vah u God behae in u toon.”[c]
**24** Maar die koning het vir
Arau′na gesê: “Nee, maar ek sal
dit vir seker vir ’n prys van jou
koop;[d] en ek sal nie kosteloos
aan Jehovah my God brandof-
fers bring nie.”[e] Toe het Da-
wid die dorsvloer en die beeste
vir vyftig sikkels silwer ge-
koop.[f] **25** En Dawid het daar
vir Jehovah ’n altaar gebou[g] en
brandoffers en gemeenskapsof-
fers gebring, en Jehovah het die
dringende versoek ten gunste
van die land aangehoor,[h] so-
dat die plaag onder Israel ge-
stuit is.

**HFST. 24**
a 1Kn 22:17 Ps 44:11 Ps 95:7
b Ge 44:33 1Kr 21:17
c 1Kr 21:18 2Kr 3:1
d 1Kr 21:19
e 1Kr 21:21
f Rut 2:10 2Sa 9:8
g 1Kr 21:22
h Nu 16:47 Nu 25:8 2Sa 24:15

**Tweede kol.**
a Ge 23:11
b 1Sa 6:14 1Kn 19:21 1Kr 21:23
c Ps 20:3
d Ge 23:13
e 1Kr 21:24
f 1Kr 21:25
g Eks 20:25 1Kr 21:26 1Kr 22:1
h 2Sa 21:14 1Kr 21:27 2Kr 33:13 Jes 19:22

DIE EERSTE BOEK VAN
# KONINGS
of, volgens die Griekse *Septuagint,*
DIE DERDE BOEK VAN KONINGS

**1** En koning Dawid was oud,[a]
gevorderd in dae; en hulle
het hom met klere bedek, maar
hy het nie warm geword nie.
**2** Toe het sy knegte vir hom ge-
sê: “Laat hulle vir my heer
die koning ’n meisie soek, ’n
maagd,[b] en sy moet die koning
bedien,[c] sodat sy sy versorg-
ster[d] kan word; en sy moet aan
u boesem lê,[e] en my heer die
koning sal beslis warm word.”[f]
**3** En hulle het in die hele ge-
bied van Israel ’n pragtige mei-
sie gesoek en uiteindelik Abi′-
sag,[a] die Sunammiet,[b] gevind
en haar toe na die koning ge-
bring. **4** En die meisie was
beeldskoon;[c] en sy het die ko-
ning se versorgster geword en
hom bly bedien, en die koning
het geen gemeenskap met haar
gehad nie.
**5** Intussen het Ado′nia,[d] die
seun van Haggit,[e] hom ver-
hef[f] en gesê: “Ék sal as koning
heers!”[g] En hy het vir hom ’n

**HFST. 1**
a 2Sa 5:4 1Kn 2:11 1Kr 23:1 1Kr 29:27 Ps 90:10
b Est 2:2
c 2Sa 13:5 1Kn 1:15
d Rut 4:16 2Sa 4:4
e Ge 16:5
f Pr 4:11

**Tweede kol.**
a 1Kn 2:17 1Kn 2:22
b Jos 19:18 2Kn 4:8
c Hgl 4:7
d 2Sa 3:4

e 1Kr 3:2; f Spr 16:18; Lu 14:11; Ro 12:16; g De 17:15.

strydwa laat maak met ruiters
en vyftig man wat voor hom uit
hardloop.[a] **6** En sy vader het
nooit sy gevoelens seergemaak
deur te sê: “Waarom het jy so
gemaak?”[b] nie. En hy was ook
baie mooi van gestalte,[c] en sy
moeder het hom ná Absalom
gebaar. **7** En hy het met Joab,
die seun van Seru′ja, en met die
priester Abja′tar[d] onderhande-
linge aangeknoop, en hulle het
hulp begin aanbied as volge-
linge van Ado′nia.[e] **8** Wat die
priester Sadok[f] betref en Bena′-
ja,[g] die seun van Jo′jada, en die
profeet Natan[h] en Si′meï[i] en Reï
en die sterk manne[j] wat aan Da-
wid behoort het, hulle het hulle
nie met Ado′nia ingelaat nie.[k]

**9** Uiteindelik het Ado′nia ’n
offerande[l] van skape en bees-
te en vetgemaakte diere ge-
bring naby die klip Sohe′let,
wat langs En-Rogel[m] is, en hy
het al sy broers, die koning se
seuns,[n] en al die manne van
Juda, die koning se knegte, ge-
nooi; **10** en die profeet Natan
en Bena′ja en die sterk manne
en sy broer Salomo het hy nie
genooi nie. **11** Natan[o] het toe
vir Bat′seba,[p] Salomo se moe-
der,[q] gesê: “Het u nie gehoor dat
Ado′nia, die seun van Haggit,[r]
koning geword het, terwyl ons
heer Dawid niks daarvan weet
nie? **12** Kom dan nou, laat ek
u asseblief ernstig raad gee.[s] En
verskaf ontkoming aan u siel
en aan die siel van u seun Sa-
lomo.[t] **13** Gaan verskyn voor
koning Dawid, en u moet vir
hom sê: ‘Het u, my heer die ko-
ning, nie vir u slavin gesweer
en gesê: “Jou seun Salomo sal
ná my koning word, en hý sal
op my troon sit”[u] nie? Waar-
om het Ado′nia dan koning ge-
word?’ **14** Kyk! Terwyl u nog
daar met die koning praat, sal
ek ná u inkom, en ek sal beslis u
woorde bevestig.”[a]

**15** Daarop het Bat′seba na
die koning in die binnekamer[b]
gegaan, en die koning was baie
oud,[c] en Abi′sag,[d] die Sunam-
miet, het die koning bedien.
**16** Toe het Bat′seba laag gebuig
en haar voor die koning neer-
gewerp,[e] waarop die koning ge-
sê het: “Wat het jy om te vra?”[f]
**17** Hierop het sy vir hom ge-
sê: “My heer,[g] u het by Jeho-
vah u God vir u slavin gesweer:
‘Jou seun Salomo sal ná my ko-
ning word, en hý sal op my
troon sit.’[h] **18** En kyk! nou
het Ado′nia[i] koning geword, en
nou weet my heer die koning
niks daarvan nie.[j] **19** En hy
het baie bulle en vetgemaakte
diere en skape geoffer en al die
seuns van die koning[k] en die
priester Abja′tar[l] en Joab,[m] die
leërhoof, genooi; maar u kneg
Salomo het hy nie genooi nie.[n]
**20** En u, my heer die koning
—die oë[o] van die hele Israel is
op u, om vir hulle te sê wie op
die troon van my heer die ko-
ning ná hom gaan sit.[p] **21** En
sodra my heer die koning met
sy voorvaders ontslaap,[q] sal ek
en ook my seun Salomo beslis
oortreders word.”

**22** En kyk! terwyl sy nog
met die koning gepraat het,
het die profeet Natan inge-
kom.[r] **23** Dadelik het hulle
die koning meegedeel en ge-
sê: “Hier is die profeet Natan!”
Daarna het hy voor die ko-
ning gekom en hom met sy ge-
sig na die aarde voor die koning
neergewerp.[s] **24** Toe het Na-
tan gesê: “My heer die koning,
het u gesê: ‘Ado′nia sal ná my
koning word, en hý sal op my
troon sit’?[t] **25** Want hy het
vandag afgegaan om baie bulle
en vetgemaakte diere en skape

**HFST. 1**

a 2Sa 15:1
b Spr 13:24; Spr 29:17; Ga 6:1
c 2Sa 14:25
d 2Sa 20:25
e 1Kn 2:22
f 2Sa 8:17; Ese 44:15
g 2Sa 20:23; 1Kr 27:5
h 2Sa 7:2; 2Sa 12:1
i 1Kn 4:18
j 2Sa 23:8; 1Kr 11:10
k Spr 24:21
l 2Sa 15:12
m 2Sa 17:17
n 2Sa 13:23
o 2Sa 7:4; 2Sa 7:17
p 2Sa 11:3; 2Sa 11:27
q 2Sa 12:24
r 2Sa 3:4
s Spr 20:18; Spr 27:9; Heb 1:1
t Rig 9:5; 1Kn 1:21; 2Kn 11:1; Mt 21:38
u 1Kr 22:9; 1Kr 28:5; 1Kr 29:1; Ps 132:11

**Tweede kol.**

a De 19:15; 2Ko 13:1
b Ge 43:30; Rig 15:1; 2Sa 13:10
c 1Kn 1:1
d 1Kn 1:3
e 1Sa 25:23
f 1Kn 2:20; Est 7:2
g Ge 18:12; 1Pe 3:6
h 1Kn 1:13; 1Kr 22:10
i 1Kn 1:5
j 1Kn 1:11
k 1Kn 1:9
l 2Sa 20:25; 1Kn 1:7
m 2Sa 8:16; 1Kn 2:28
n 1Kn 1:10
o Ps 123:2
p 2Sa 23:2; 1Kn 2:15; 1Kn 2:24; 1Kr 29:1
q Ge 15:15; 1Kn 2:10
r 1Kn 1:14
s 1Sa 24:8; Ro 13:7; 1Pe 2:17
t 1Kn 1:5; 1Kn 1:18

te offer[a] en om al die seuns van die koning en die leërhoofde en die priester Abja′tar[b] te nooi; en kyk, hulle eet en drink voor hom en hulle sê aanhoudend: ‘Mag koning Ado′nia lewe!’[c] **26** Maar wat my, u kneg, betref, my en die priester Sadok[d] en Bena′ja,[e] die seun van Jo′jada, en u kneg Salomo het hy nie genooi nie.[f] **27** As hierdie saak van my heer die koning uitgegaan het, dan het u nie aan u kneg bekend gemaak[g] wie op die troon van my heer die koning ná hom moet sit nie.”

**28** Koning Dawid het toe geantwoord en gesê: “ROEP Bat′seba[h] vir my.” Daarop het sy voor die koning ingekom en voor die koning gaan staan. **29** En die koning het gesweer[i] en gesê: “So waar as Jehovah lewe[j] wat my siel[k] uit alle benoudheid[l] verlos het,[m] **30** net soos ek vir jou by Jehovah, die God van Israel, gesweer en gesê het: ‘Jou seun Salomo sal ná my koning word, en hý sal in my plek op my troon sit!’ so sal ek vandag doen.”[n] **31** Toe het Bat′seba laag gebuig met haar gesig na die aarde en haar voor die koning neergewerp[o] en gesê: “Mag my heer koning Dawid tot onbepaalde tyd lewe!”[p]

**32** Onmiddellik het koning Dawid gesê: “ROEP vir my die priester Sadok[q] en die profeet Natan en Bena′ja,[r] die seun van Jo′jada.” Toe het hulle voor die koning ingekom. **33** En die koning het vir hulle gesê: “Neem die knegte[s] van julle heer saam met julle, en julle moet my seun Salomo op die muilmerrie laat ry wat aan my behoort[t] en hom na Gihon[u] afneem. **34** En die priester Sadok en die profeet Natan moet hom daar as koning oor Israel salf;[a] en julle moet op die horing blaas[b] en sê: ‘Mag koning Salomo lewe!’[c] **35** En julle moet agter hom aan opkom, en hy moet inkom en op my troon sit; en hy sal in my plek koning wees, en hom sal ek moet aanstel om leier oor Israel en oor Juda te word.” **36** Dadelik het Bena′ja, die seun van Jo′jada, die koning geantwoord en gesê: “Amen![d] Mag Jehovah, die God van my heer die koning, so sê.[e] **37** Net soos Jehovah met my heer die koning was,[f] laat hy so met Salomo wees,[g] en mag hy sy troon groter maak[h] as die troon van my heer koning Dawid.”

**38** En die priester Sadok[i] en die profeet Natan[j] en Bena′ja,[k] die seun van Jo′jada, en die Keretiete[l] en die Peletiete[m] het afgegaan en Salomo op die muilmerrie van koning Dawid laat ry[n] en hom toe na Gihon[o] gebring. **39** Die priester Sadok het toe die horing met olie[p] uit die tent[q] geneem en Salomo gesalf;[r] en hulle het op die horing begin blaas, en die hele volk het uitgeroep: “Mag koning Salomo lewe!”[s] **40** Daarna het die hele volk agter hom aan opgekom, en die volk het op fluite gespeel[t] en hulle met groot vreugde verbly,[u] sodat die aarde[v] geskeur het van hulle geraas.

**41** En Ado′nia en al die genooides wat by hom was, het dit gehoor toe hulle klaar geeet het.[w] Toe Joab die geluid van die horing hoor, het hy dadelik gesê: “Wat beteken die geraas van die stad wat in rep en roer is?”[x] **42** Terwyl hy nog gepraat het, kyk, toe het Jo′natan,[y] die seun van die pries-

HFST. 1

a 2Sa 15:12; 1Kn 1:9
b 1Kn 1:7
c 2Sa 16:16; 2Kr 23:11
d 1Kn 1:8
e 1Kr 27:5
f 1Kn 1:10
g Joh 15:15
h 2Sa 12:24; 1Kn 1:15
i Nu 30:2; Pr 5:4; Mt 5:33
j 1Sa 20:21
k Ps 71:23
l 2Sa 4:9; 2Ko 1:10
m Ps 19:14; Ps 31:5; Ps 103:4
n 1Kn 1:13; 1Kn 1:17
o 1Kn 1:16
p Ne 2:3; Da 2:4
q 1Kn 1:8
r 2Sa 20:23; 2Sa 23:20; 1Kr 27:5
s 2Sa 20:6
t Ge 41:43; 1Kn 1:38; Est 6:8; Sag 9:9; Lu 19:35
u 2Sa 5:8; 2Kr 32:30

Tweede kol.

a 1Sa 10:1; 1Sa 16:13; 2Kn 9:3
b 2Sa 15:10
c 1Sa 10:24; 2Kn 11:12; 2Kr 23:11
d Ps 72:19
e 1Kr 17:27; Jer 11:5; Jer 28:6
f 1Sa 16:13
g 1Kr 28:20
h 1Kn 3:12; 1Kn 10:23; 2Kr 9:22; Ps 72:8
i 1Kn 1:8
j 2Sa 7:2
k 1Kr 27:5
l 1Sa 30:14; 2Sa 8:18
m 2Sa 15:18; 1Kr 18:17
n 1Kn 1:33; Mt 21:7
o 2Kr 32:30
p Eks 30:25; 1Sa 16:13
q 2Sa 6:17
r 1Sa 10:1; 1Kr 29:22
s 1Kn 1:34
t Jes 5:12; Jes 30:29
u 1Sa 11:15; 2Kn 11:14; Ps 97:1
v 1Sa 4:5

w 1Kn 1:9; 1Kn 1:25; x Han 21:30; y 2Sa 15:36; 2Sa 17:17.

ter Abja′tar, gekom. En Ado′nia
het gesê: “Kom in, want jy is ’n
dapper man, en jy bring goeie
nuus.”[a] 43 Maar Jo′natan het
geantwoord en vir Ado′nia gesê:
“Nee! Ons heer koning Dawid
het Salomo koning gemaak.[b]
44 En die koning het die pries-
ter Sadok en die profeet Natan
en Bena′ja, die seun van Jo′ja-
da, en die Keretiete en die Pele-
tiete saam met hom gestuur, en
hulle het hom op die muilmer-
rie van die koning laat ry.[c]
45 Toe het die priester Sadok
en die profeet Natan hom in
Gihon as koning gesalf;[d] waar-
na hulle met blydskap daar-
vandaan opgekom het, en die
stad is in rep en roer. Dít was
die geraas wat julle gehoor
het.[e] 46 En wat meer is, Salo-
mo het op die troon van die ko-
ningskap gaan sit.[f] 47 En nog
iets, die knegte van die koning
het ingekom om ons heer ko-
ning Dawid die beste toe te
wens en het gesê: ‘Mag u God
die naam van Salomo luister-
ryker maak as u naam, en mag
hy sy troon groter maak as u
troon!’[g] Daarop het die koning
hom op die bed neergebuig.[h]
48 En ook het die koning só ge-
sê: ‘Mag Jehovah, die God van
Israel, geloof word,[i] wat van-
dag iemand gegee het om op my
troon te sit, terwyl my oë dit
sien!’ ”[j]

49 En al die genooides wat
by Ado′nia was, het begin bewe
en opgestaan en elkeen sy eie
pad gegaan.[k] 50 En Ado′nia
was bang vir Salomo. Daar-
om het hy opgestaan en weg-
gegaan en die horings van die
altaar vasgegryp.[l] 51 Na ver-
loop van tyd is daar aan Salo-
mo berig gebring en gesê: “Kyk,
Ado′nia het bang geword vir ko-
ning Salomo; en kyk, hy het
die horings van die altaar vas-
gegryp en gesê: ‘Laat koning
Salomo eers vir my sweer dat
hy sy kneg nie met die swaard
sal doodmaak nie.’ ” 52 Hier-
op het Salomo gesê: “As hy ’n
dapper man sal word, sal daar
nie ’n enkele haar[a] van hom op
die aarde val nie; maar as iets
slegs in hom gevind word,[b] dan
sal hy moet sterf.”[c] 53 En ko-
ning Salomo het gestuur, en
hulle het hom van die altaar af-
gebring. Toe het hy ingekom en
hom voor koning Salomo neer-
gebuig; waarna Salomo vir hom
gesê het: “Gaan na jou huis
toe.”[d]

2 En die dae van Dawid het
geleidelik nader gekom dat
hy moes sterf;[e] en hy het sy
seun Salomo bevel gegee en ge-
sê: 2 “Ek gaan die weg van
die hele aarde,[f] en jy moet sterk
wees[g] en wys dat jy ’n man is.[h]
3 En jy moet die verpligting
teenoor Jehovah jou God na-
kom deur in sy weë te wandel,[i]
deur sy insettinge, sy gebooie
en sy regterlike beslissings[j] en
sy getuienisse te onderhou, vol-
gens wat in die wet van Moses
geskrywe staan,[k] sodat jy om-
sigtig kan optree in alles wat
jy doen en oral waarheen jy
jou wend; 4 sodat Jehovah sy
woord kan uitvoer wat hy oor
my gespreek het[l] deur te sê:
‘As jou seuns[m] op hulle weg ag
gee deur met hulle hele hart[n] en
met hulle hele siel in waarheid[o]
voor my te wandel,[p] sal daar vir
jou nie ’n man ontbreek wat op
die troon van Israel sit nie.’[q]

5 “En jy weet ook goed wat
Joab, die seun van Seru′ja, my
aangedoen het[r] deur wat hy
met twee leërhoofde van Israel
gedoen het, met Abner,[s] die
seun van Ner, en Ama′sa,[t] die
seun van Jeter,[u] toe hy hulle

HFST. 1
a 2Sa 18:27
b 1Kn 1:30
c 1Kn 1:33
d 1Kn 1:34
e 1Kn 1:40
f 1Kn 2:12; 1Kr 29:23; Ps 132:11
g 1Kn 1:37; Lu 19:38
h Ge 47:31; Heb 11:21
i 1Kr 29:10; Ne 9:5; Ps 34:1; Ps 72:18; Da 4:34; Ef 1:3
j 2Sa 24:3
k Spr 28:1
l Eks 21:14; Eks 38:2; 1Kn 2:28

Tweede kol.
a 1Sa 14:45; 2Sa 14:11; Han 27:34
b De 1:17; 1Kn 2:23; Spr 13:6; Spr 21:12
c Ese 3:19
d Spr 16:15

HFST. 2
e Ps 89:48; Pr 12:7
f Jos 23:14; Job 30:23; Pr 9:10; Heb 9:27
g De 31:6; Jos 1:6; 1Kr 28:20; Ef 6:10
h 1Kn 3:7
i De 17:19; De 29:9; Pr 12:13
j De 4:1
k De 17:20
l 2Sa 7:16; 1Kr 17:11; 1Kr 22:9; 1Kr 28:7; Ps 89:35; Ps 132:11
m 2Sa 7:19
n De 6:5; De 10:12; Mt 22:37
o Ps 15:2; Joh 4:24
p Ge 17:1; Le 26:3; 2Kn 20:3; 2Kn 23:3; 2Kr 17:3; Lu 1:6
q 2Sa 7:12; 1Kn 8:25; Ps 89:29; Ps 132:12
r 2Sa 3:39
s 2Sa 3:27
t 2Sa 20:10
u 2Sa 17:25; 1Kr 2:17

doodgemaak en oorlogsbloed[a]
in vredestyd laat vloei het en
oorlogsbloed laat kom het aan
sy gordel wat om sy heupe was
en in sy sandale wat aan sy voe-
te was. **6** En jy moet ooreen-
komstig jou wysheid handel[b] en
sy grys hare nie in vrede[c] na
Sjeool laat afdaal nie.[d]

**7** "En teenoor die seuns van
Barsil′lai,[e] die Gileadiet, moet
jy liefderyke goedhartigheid
bewys, en hulle moet onder dié
wees wat aan jou tafel eet;[f]
want so het hulle na my toe ge-
kom[g] toe ek vir jou broer Absa-
lom gevlug het.[h]

**8** "En kyk, by jou is Si′meï,[i]
die seun van Gera, die Benja-
miniet uit Bahu′rim,[j] en dit was
hy wat die dag toe ek na Maha-
na′im[k] gegaan het, 'n vloek oor
my uitgespreek het met 'n pyn-
like vervloeking;[l] en hý het af-
gekom om my by die Jordaan
te ontmoet,[m] sodat ek vir hom
by Jehovah gesweer en gesê
het: 'Ek sal jou nie met die
swaard doodmaak nie.'[n] **9** En
nou moet jy hom nie ongestraf
laat bly nie,[o] want jy is 'n wyse[p]
man en jy weet goed wat jy
met hom behoort te doen, en jy
moet sy grys[q] hare met bloed
na Sjeool laat afdaal."[r]

**10** Toe het Dawid met sy
voorvaders ontslaap,[s] en hy is
in die Stad van Dawid begra-
we.[t] **11** En die dae dat Dawid
oor Israel regeer het, was veer-
tig jaar.[u] In Hebron[v] het hy
sewe jaar regeer,[w] en in Jeru-
salem het hy drie-en-dertig jaar
regeer.[x]

**12** Wat Salomo betref, hy het
op die troon van sy vader Da-
wid gaan sit;[y] en sy koningskap
is geleidelik baie stewig geves-
tig.[z]

**13** Na verloop van tyd het
Ado′nia, die seun van Haggit,
na Bat′seba,[a] Salomo se moeder,
toe gekom. En sy het gesê: "Is
jou koms vreedsaam?"[b] waarop
hy gesê het: "Dit is vreedsaam."
**14** En hy het verder gesê: "Ek
het 'n woord vir u." Toe het
sy gesê: "Spreek."[c] **15** En hy
het gesê: "U weet goed dat die
koningskap myne moes geword
het, en op my het die hele Israel
hulle aangesig gerig, dat ek ko-
ning sou word;[d] maar daar het
'n ommekeer in die koningskap
gekom, en dit het my broer s'n
geword, want deur Jehovah het
dit syne geword.[e] **16** En nou
is daar een versoek wat ek tot u
rig. Moenie my aangesig afwys
nie."[f] Toe het sy vir hom gesê:
"Spreek." **17** En hy het gesê:
"Sê asseblief vir koning Salomo
(want hy sal u aangesig nie af-
wys nie) dat hy Abi′sag,[g] die Su-
nammiet,[h] aan my as vrou moet
gee." **18** Hierop het Bat′seba
gesê: "Goed! Ek sal namens jou
met die koning praat."

**19** Toe het Bat′seba na ko-
ning Salomo toe gegaan om
namens Ado′nia met hom te
praat.[i] Dadelik het die koning
opgestaan[j] om haar te ontmoet
en hom voor haar neergebuig.[k]
Toe het hy op sy troon gaan sit
en vir die moeder van die ko-
ning 'n troon laat neersit, so-
dat sy aan sy regterhand kon
sit.[l] **20** En sy het gesê: "Daar
is een klein versoek wat ek tot
u rig. Moenie my aangesig af-
wys nie." Toe het die koning vir
haar gesê: "Rig dit, my moeder;
want ek sal u aangesig nie af-
wys nie." **21** En sy het gesê:
"Laat Abi′sag, die Sunammiet,
aan u broer Ado′nia as vrou ge-
gee word." **22** Hierop het ko-
ning Salomo geantwoord en vir
sy moeder gesê: "En waarom
vra u Abi′sag, die Sunammiet,
vir Ado′nia? Vra ook die ko-

HFST. 2

a Nu 35:33, 2Sa 3:28, 2Sa 3:30, 1Kn 2:31
b Spr 20:26
c 2Sa 3:29, 1Kn 2:34, Spr 28:17, Jes 48:22, Mt 26:52
d Ge 37:35, Ge 42:38, Job 7:9, Op 20:13
e 2Sa 19:31
f 2Sa 9:7, 2Sa 19:28
g 2Sa 17:27
h 2Sa 15:14
i 2Sa 16:7
j 2Sa 16:5
k 2Sa 17:24
l 2Sa 16:7
m 2Sa 19:17
n 2Sa 19:23
o Eks 22:28, Ps 105:15, Spr 11:21, 2Pe 2:9
p 1Kn 3:12, 1Kn 3:28, Spr 2:6
q Ge 42:38, Ge 44:31
r 1Kn 2:46
s 1Kr 29:28, Job 14:1, Pr 12:5, Han 13:36
t 2Sa 5:7, 1Kn 3:1, 1Kn 11:43, 1Kr 11:7, Han 2:29
u 2Sa 5:4
v 1Kr 12:23
w 1Kr 29:27
x 2Sa 5:5, 1Kr 3:4
y 1Kn 1:46, 1Kr 29:23, 2Kr 1:1, Ps 132:12
z 2Sa 7:12, Ps 89:37

Tweede kol.

a 2Sa 12:24
b 1Sa 16:4, 1Kr 12:17
c 2Sa 14:12
d 1Kn 1:5, 1Kn 1:25
e 1Kr 22:9, 1Kr 28:5, Spr 21:30, Da 2:21
f 2Kr 29:6, Jer 2:27, Jer 18:17
g 1Kn 1:3
h Jos 19:18
i 1Kn 1:7
j Eks 20:12, Le 19:32, Spr 23:22
k Ge 33:3, Ge 48:12, Eks 18:7
l Ps 110:1, Mt 25:33

ningskap vir hom[a] (want hy is
my broer wat ouer is as ek),[b]
ja, vir hom en vir die priester
Abja′tar[c] en vir Joab,[d] die seun
van Seru′ja.”[e]

23 Daarop het koning Salo-
mo by Jehovah gesweer en ge-
sê: “Mag God so aan my doen
en mag hy so daaraan toevoeg[f]
as Ado′nia hierdie saak nie ten
koste van sy siel gespreek het
nie.[g] 24 En nou, so waar as
Jehovah lewe,[h] wat my stewig
bevestig het[i] en my op die troon
van my vader Dawid laat sit[j] en
wat vir my ’n huis gemaak het[k]
net soos hy gespreek het,[l] van-
dag sal Ado′nia doodgemaak
word.”[m] 25 Onmiddellik het
koning Salomo gestuur deur
middel van Bena′ja,[n] die seun
van Jo′jada; en hy het hom aan-
geval, sodat hy gesterf het.[o]

26 En vir die priester Abja′-
tar[p] het die koning gesê: “Gaan
na A′natot,[q] na jou grond! Want
jy verdien die dood;[r] maar van-
dag sal ek jou nie doodmaak
nie, omdat jy die ark van die
Soewereine Heer Jehovah[s] voor
my vader Dawid gedra het[t] en
omdat jy in ellende verkeer het
gedurende al die tyd dat my
vader in ellende verkeer het.”[u]
27 So het Salomo Abja′tar ver-
dryf, sodat hy nie meer as ’n
priester van Jehovah gedien
het nie, om Jehovah se woord te
vervul wat hy in Silo[v] teen die
huis van Eli gespreek het.[w]

28 En die berig het Joab[x] be-
reik—want Joab was geneig om
Ado′nia te volg,[y] hoewel hy nie
geneig was om Absalom te volg
nie[z]—en Joab het na die tent[a]
van Jehovah gevlug en aan die
horings van die altaar begin
vashou.[b] 29 Toe is daar vir
koning Salomo gesê: “Joab het
na die tent van Jehovah gevlug,
en kyk, hy is langs die altaar.”
Daarop het Salomo Bena′ja,
die seun van Jo′jada, gestuur
en gesê: “Gaan, val hom aan!”[a]
30 Toe het Bena′ja by die tent
van Jehovah gekom en vir hom
gesê: “Só het die koning gesê:
‘Kom uit!’ ” Maar hy het gesê:
“Nee! Want hier[b] sal ek sterf.”
Daarop het Bena′ja vir die ko-
ning berig gebring en gesê: “Só
het Joab gesê, en só het hy my
geantwoord.” 31 Toe het die
koning vir hom gesê: “Doen net
soos hy gesê het en val hom
aan; en jy moet hom begrawe en
die bloed[c] wat onverdiend ver-
giet is, wat Joab laat vloei het,[d]
van my en van die huis van my
vader verwyder. 32 En Jeho-
vah sal beslis sy bloed op sy eie
hoof laat terugkom,[e] omdat hy
twee manne wat regverdiger en
beter as hy was, aangeval[f] en
hulle met die swaard doodge-
maak het, terwyl my vader Da-
wid nie daarvan geweet het
nie,[g] naamlik Abner,[h] die seun
van Ner, die leërhoof van Is-
rael,[i] en Ama′sa,[j] die seun van
Jeter, die leërhoof van Juda.[k]
33 En hulle bloed sal tot onbe-
paalde tyd op die hoof van Joab
en op die hoof van sy nageslag
terugkom;[l] maar vir Dawid[m] en
vir sy nageslag en vir sy huis en
vir sy troon sal daar tot onbe-
paalde tyd vrede van Jehovah
af wees.”[n] 34 Toe het Bena′-
ja, die seun van Jo′jada, opge-
gaan[o] en hom aangeval en hom
doodgemaak;[p] en hy is by sy
huis in die wildernis begrawe.
35 Daarop het die koning Be-
na′ja,[q] die seun van Jo′jada, in
sy plek oor die leër aangestel;[r]
en die koning het die priester
Sadok in die plek van Abja′tar
aangestel.[s]

HFST. 2
a 2Sa 12:8, 2Sa 16:21
b 1Kr 3:2, 1Kr 3:5
c 1Kn 1:7
d 2Sa 8:16
e 2Sa 2:18
f De 6:13, Rut 1:17, 1Sa 3:17, 2Sa 19:13
g Ps 64:8, Ps 140:9
h 1Sa 20:21
i 1Kn 10:9, 1Kr 22:10
j 1Kr 29:23, 2Kr 1:8
k 1Sa 25:28, 2Sa 7:11, 1Kr 17:10, Ps 127:1
l Jes 55:11
m 1Kn 1:52, Pr 8:11
n 2Sa 8:18, 1Kn 1:8, 1Kr 27:5
o 1Kn 2:34
p 1Sa 22:20, 1Kn 1:7
q Jos 21:18, 1Kr 6:60, Jer 1:1
r 1Kn 2:22
s Ge 15:2
t 1Sa 23:6, 2Sa 15:24, 1Kr 15:12
u 1Sa 22:23
v Jos 18:1
w 1Sa 2:31, 1Sa 3:12
x 1Kn 2:22
y 1Kn 1:7
z 2Sa 18:14
a 1Kn 3:4, 1Kr 16:39, 1Kr 21:29
b 1Kn 1:50

Tweede kol.
a 1Kn 2:25
b Eks 21:14
c Ge 9:6, Nu 35:33, De 19:13, De 21:9, 2Kn 9:26, Spr 28:17
d 2Sa 3:28, 1Kn 2:5
e Rig 9:57, Ps 7:16, Ps 9:16
f Eks 23:7, 2Sa 4:11, 2Kr 21:13
g 2Sa 3:26
h 2Sa 3:27
i 2Sa 2:8
j 2Sa 20:10
k 2Sa 17:25
l 2Sa 3:29, Ps 109:9, Mt 27:25
m 2Sa 3:28
n Ps 89:29; Ps 132:12; Spr 25:5; Jes 9:7; o 1Kn 2:28; 1Kr 21:29; p 1Kn 2:25; Ps 37:38; Pr 12:14; q 1Kr 11:24; 1Kr 27:5; r Job 34:24; s 1Sa 2:35; 1Kr 6:53; 1Kr 12:28; 1Kr 16:39; 1Kr 24:3; Ps 109:8.

**36** Laastens het die koning
gestuur en Si′meï[a] laat roep en
vir hom gesê: “Bou vir jou ’n
huis in Jerusalem, en jy moet
daar woon en nie daarvandaan
uitgaan na hierdie en daardie
plek nie. **37** En op die dag dat
jy uitgaan en wanneer jy oor
die Kidronstroomvallei[b] trek,
moet jy beslis weet dat jy seker-
lik sal sterf.[c] Die bloedskuld vir
jou sal op jou eie hoof wees.”[d]
**38** Hierop het Si′meï vir die ko-
ning gesê: “Die woord is goed.
Net soos my heer die koning ge-
sê het, so sal u kneg doen.” En
Si′meï het baie dae in Jerusalem
gebly.

**39** En na verloop van drie
jaar het twee slawe[e] van Si′meï
weggeloop na Agis,[f] die seun
van Ma′äga, die koning van
Gat;[g] en mense het Si′meï kom
vertel en gesê: “Kyk! Jou sla-
we is in Gat.” **40** Onmiddel-
lik het Si′meï opgestaan en sy
esel opgesaal en na Gat ge-
gaan, na Agis toe, om sy slawe
te soek; waarna Si′meï gegaan
en sy slawe van Gat af gebring
het. **41** Toe is daar vir Salo-
mo gesê: “Si′meï het uit Jerusa-
lem na Gat gegaan en is terug.”
**42** Daarop het die koning ge-
stuur en Si′meï laat roep[h] en vir
hom gesê: “Het ek jou nie by Je-
hovah onder eed gestel om jou
te waarsku nie[i] deur te sê: ‘Op
die dag dat jy uitgaan en wan-
neer jy hierheen en daarheen
gaan, moet jy beslis weet dat
jy sekerlik sal sterf’, en het jy
nie toe vir my gesê: ‘Die woord
is goed wat ek gehoor het’ nie?[j]
**43** Waarom het jy dan nie die
eed van Jehovah[k] en die gebod
wat ek jou plegtig opgelê het,[l]
gehou nie?” **44** En die koning
het verder vir Si′meï gesê: “Jy
ken beslis al die kwaad wat jou
hart goed weet jy my vader Da-
wid aangedoen het;[a] en Jeho-
vah sal beslis die kwaad wat jy
aangerig het, op jou eie hoof
laat terugkom.[b] **45** Maar ko-
ning Salomo sal geseënd wees,[c]
en die troon van Dawid sal vir
ewig stewig gevestig wees voor
Jehovah.”[d] **46** Daarop het die
koning bevel gegee aan Bena′-
ja, die seun van Jo′jada, wat toe
uitgegaan en hom aangeval het,
sodat hy gesterf het.[e]

En die koninkryk is stewig
gevestig in die hand van Salo-
mo.[f]

**3** En Salomo het ’n huweliks-
verbintenis[g] met Farao, die
koning van Egipte, aangegaan
en Farao se dogter[h] geneem en
haar na die Stad van Dawid[i] ge-
bring, totdat hy sy eie huis[j] en
die huis van Jehovah[k] en Je-
rusalem se muur rondom klaar
gebou het.[l] **2** Die volk het eg-
ter op die hoogtes offerandes
gebring,[m] want tot op dié dae
was daar nog nie ’n huis vir die
naam van Jehovah gebou nie.[n]
**3** En Salomo het voortgegaan
om Jehovah lief te hê[o] deur in
die insettinge van sy vader Da-
wid te wandel.[p] Hy het egter
gereeld op die hoogtes[q] offeran-
des gebring en die rook van of-
fers laat opgaan.

**4** Toe het die koning na Gi′-
beon[r] gegaan om daar offeran-
des te bring, want dít was die
groot hoogte.[s] Duisend brand-
offers het Salomo op daardie
altaar gebring.[t] **5** In Gi′beon
het Jehovah in die nag in ’n
droom[u] aan Salomo verskyn;[v]
en God het gesê: “Vra wat ek
jou moet gee.”[w] **6** Hierop het
Salomo gesê: “U het teenoor u
kneg Dawid, my vader, groot
liefderyke goedhartigheid be-

**HFST. 2**

a 1Kn 2:8
b 2Sa 15:23; 2Kn 23:6; Joh 18:1
c Nu 35:27; Spr 20:8; Spr 20:26
d Nu 35:26; Jos 2:19; Ese 18:13
e De 23:15
f 1Sa 21:10
g 1Sa 27:2
h Spr 16:14
i Tit 3:1
j 1Kn 2:38
k Ese 17:19
l Spr 16:12; Pr 8:2

**Tweede kol.**

a 2Sa 16:5; 2Sa 16:13
b 1Kn 2:37; Ps 7:16; Spr 5:22; Ese 18:20
c Ps 21:6; Ps 72:17
d 1Kn 2:24; Spr 25:5; Jes 9:7
e 1Kn 2:9; 1Kn 2:25; 1Kn 2:34
f 1Kn 2:12; 2Kr 1:1; Spr 16:12; Spr 29:4

**HFST. 3**

g Esr 9:2; Esr 9:14
h De 7:4; 1Kn 7:8; 1Kn 9:24; 1Kn 11:1; Esr 10:10; Ne 13:27
i 2Sa 5:7; 1Kr 11:7
j 1Kn 7:1
k 1Kn 8:19
l 1Kn 9:15
m Le 17:4; Le 26:30; De 12:6; 1Kn 15:14; 1Kn 22:43; 2Kr 33:17
n 1Kn 5:3; 1Kr 17:4; 1Kr 17:12; 1Kr 28:6; Han 7:47
o De 6:5; De 10:12; Ps 145:20; Mt 22:37; 1Ko 8:3; 1Jo 5:3
p 2Kr 17:3
q 1Sa 7:9; 1Sa 10:8; 1Kn 15:14; 1Kn 22:43; 1Kr 21:26; 2Kr 1:3
r Jos 9:3; 1Kn 9:2

s 1Kr 16:39; 1Kr 21:29; t 2Kr 1:6; u Nu 12:6; Job 33:15; v 1Kn 9:2; 2Kr 1:3; w 2Kr 1:7.

wys[a] na die mate waarin hy
voor u in waarheid en in regver-
digheid[b] en in regskapenheid
van hart met u gewandel het;
en u het hierdie groot liefdery-
ke goedhartigheid teenoor hom
bly bewaar, sodat u hom 'n seun
gegee het om op sy troon te sit
soos dit vandag is.[c] **7** En nou,
Jehovah my God, u het u kneg
koning gemaak in die plek van
my vader Dawid, en ek is nog
maar 'n seuntjie.[d] Ek weet nie
hoe om uit te gaan en hoe om in
te kom nie.[e] **8** En u kneg is in
die midde van u volk wat u uit-
gekies het,[f] 'n talryke volk wat
weens die menigte nie getel of
bereken kan word nie.[g] **9** En
u moet aan u kneg 'n gehoorsa-
me hart gee om u volk te rig,[h]
om tussen goed en kwaad te on-
derskei;[i] want wie kan hierdie
moeilike volk van u[j] rig?"[k]

**10** En die saak was welgeval-
lig in die oë van Jehovah, omdat
Salomo dít gevra het.[l] **11** En
God het vir hom gesê: "Om-
dat jy dít gevra het en nie vir
jou baie dae gevra het of vir
jou rykdom gevra het[m] of die
siel van jou vyande gevra het
nie, en jy vir jou begrip ge-
vra het om regsake te verhoor,[n]
**12** kyk! daarom sal ek beslis
volgens jou woorde handel.[o]
Kyk! Ek sal jou beslis 'n wyse
hart met begrip gee,[p] sodat een
soos jy vóór jou nie gewees het
nie en een soos jy ná jou nie sal
opstaan nie.[q] **13** En ook wat
jy nie gevra het nie, sal ek jou
gee,[r] rykdom[s] sowel as heerlik-
heid, sodat daar onder die ko-
nings niemand soos jy sal wees
al jou dae nie.[t] **14** En as jy in
my weë wandel deur my voor-
skrifte[u] en my gebooie te on-
derhou, net soos jou vader Da-
wid gewandel het,[v] dan sal ek
jou dae verleng."[w]

**15** Toe Salomo wakker
word,[a] kyk, dit was 'n droom.
Daarop het hy na Jerusalem
gekom en voor die ark[b] van
die verbond van Jehovah gaan
staan en brandoffers geoffer en
gemeenskapsoffers[c] gebring en
vir al sy knegte[d] 'n feesmaal ge-
gee.[e]

**16** In dié tyd het twee vroue,
prostitute,[f] by die koning ge-
kom en voor hom gaan staan.[g]
**17** Toe het die een vrou gesê:
"Verskoon my, my heer,[h] ek en
hierdie vrou woon in een huis,
daarom het ek naby haar in die
huis geboorte gegee. **18** En op
die derde dag nadat ek geboor-
te gegee het, het hierdie vrou
ook geboorte gegee. En ons was
saam. Daar was geen vreemde-
ling by ons in die huis nie; nie-
g 2Kr 8:6
h 1Kn 3:5, 1Kn 11:9
i Ps 5:2, Ps 10:17, Ps 65:2
j Mt 6:9
k De 12:5, 1Kn 8:29
l De 11:12, 2Kr 6:40, 2Kr 16:9
m Ps 132:13

n 1Kn 2:4; 2Kn 20:3; Ps 128:1; o 1Kn 3:6; p Ps 7:8; Ps 78:72; Spr 10:9; Spr 28:18; q 1Kr 29:17; r Pr 12:13; 1Jo 5:3; s De 4:45; t De 4:1; u 2Sa 7:16; 1Kn 2:4; Ps 89:29; v 2Sa 7:14; 2Kr 15:2; Ps 89:30; w Jos 23:16; 1Kn 11:4.

hulle neerbuig, **7** dan sal ek
Israel uitroei van die oppervlak
van die land af wat ek aan hul-
le gegee het;[a] en die huis wat
ek vir my naam geheilig het,
sal ek van my wegwerp,[b] en Is-
rael sal inderdaad 'n spreek-
woord[c] en 'n spot onder al die
volke word. **8** En hierdie huis
sal puinhope word.[d] Elkeen wat
daar verbygaan, sal in verba-
sing staar[e] en sal beslis fluit
en sê: 'Waarom het Jehovah so
met hierdie land en hierdie huis
gedoen?'[f] **9** En hulle sal moet
sê: 'Omdat hulle Jehovah hul-
le God wat hulle voorvaders uit
Egipteland uitgelei het,[g] ver-
laat het en ander gode aange-
kleef het[h] en hulle voor hulle
neergebuig en hulle gedien het.
Daarom het Jehovah al hierdie
rampspoed oor hulle gebring.' "[i]

**10** En na verloop van twintig
jaar, waarin Salomo die twee
huise, die huis van Jehovah[j] en
die huis van die koning, gebou
het[k] **11** (Hiram,[l] die koning
van Tirus, het Salomo gehelp[m]
met sederstompe en jenewer-
stompe en met soveel goud as
wat hom behaag het),[n] het ko-
ning Salomo toe aan Hiram
twintig stede in die land Gali-
le'a[o] gegee. **12** Daarop het Hi-
ram uit Tirus uitgetrek om die
stede te bekyk wat Salomo hom
gegee het, en hulle was nie heel-
temal reg in sy oë nie.[p] **13** Toe
het hy gesê: "Watter soort stede
is dit wat jy my gegee het, my
broer?" En hulle word tot van-
dag toe die land Kabul genoem.

**14** Intussen het Hiram hon-
derd-en-twintig talente goud[q]
aan die koning gestuur.

**15** En dit is die verslag van
diegene wat tot dwangarbeid
verplig is[r] wat koning Salomo
opgeroep het om die huis van
Jehovah[s] en sy eie huis en die
Wal[a] en die muur[b] van Jerusa-
lem en Hasor[c] en Megid'do[d] en
Geser[e] te bou. **16** (Farao, die
koning van Egipte, het opge-
trek en het Geser toe ingeneem
en met vuur verbrand, en die
Kanaäniete[f] wat in die stad ge-
woon het, het hy doodgemaak.
Toe het hy dit as 'n afskeidsge-
skenk aan sy dogter,[g] die vrou
van Salomo, gegee.) **17** En Sa-
lomo het Geser en Onder-Bet-
Horon[h] gebou, **18** en Ba'ălat[i]
en Tamar in die wildernis, in
die land, **19** en al die voor-
raadstede[j] wat Salomo s'n ge-
word het en die strydwastede[k]
en die stede vir die ruiters,
en die dinge wat Salomo[l] be-
geer het, wat hy graag in Jeru-
salem en op die Li'banon en in
die hele land van sy heerskap-
py wou bou. **20** Wat al die
mense betref wat oorgebly het
van die Amoriete,[m] die Hetie-
te,[n] die Perissiete,[o] die Hewie-
te[p] en die Jebusiete,[q] wat geen
deel uitgemaak het van die kin-
ders van Israel nie,[r] **21** hulle
kinders wat ná hulle in die land
oorgebly het, wat die kinders
van Israel nie aan vernietiging
kon oorgee nie,[s] het Salomo vir
slaafse dwangarbeid opgeroep,
tot vandag toe.[t] **22** En Salo-
mo het nie een van die kinders
van Israel 'n slaaf gemaak nie;[u]
want hulle was die krygsman-
ne en sy knegte en sy vorste en
sy adjudante en hoofde van sy
strydwadrywers en van sy rui-
ters.[v] **23** Dit was die hoofde
van die bestuurders wat oor die
werk van Salomo was, vyfhon-
derd-en-vyftig, die voormanne
oor die mense wat die werk ver-
rig het.[w]

**24** Farao se dogter[x] het eg-
ter uit die Stad van Dawid[y] op-

**HFST. 9**
a Le 18:28; De 4:26; 2Kn 17:23
b 2Kn 25:9; Jer 7:14
c De 28:37; Ps 44:14; Jl 2:17
d 2Kr 36:19; Jes 64:11; Jer 52:13
e 2Kr 7:21
f De 29:24; Jer 22:8
g De 29:25; 2Kr 7:22
h Jer 2:11; Jer 5:19
i De 28:64; Jer 12:7
j 1Kn 6:37; 1Kn 6:38
k 1Kn 7:1; 2Kr 8:1
l 1Kn 5:1; 1Kn 5:7; 2Kr 2:3
m 2Kr 8:2
n 1Kn 5:8
o Jos 20:7; Jes 9:1
p Rig 14:3
q 1Kn 9:11; 1Kn 10:10; 1Kn 10:21
r 1Kn 4:6; 1Kn 5:13
s 1Kn 6:37

**Tweede kol.**
a 2Sa 5:9; 1Kn 11:27; 2Kn 12:20
b 2Kn 14:13; 2Kr 36:19; Ps 51:18
c Jos 19:36; 2Kn 15:29
d Jos 17:11; Rig 5:19; 1Kn 4:12; 2Kn 9:27
e Jos 10:33; Rig 1:29
f Jos 16:10
g 1Kn 3:1
h Jos 16:3; 2Kr 8:5
i Jos 19:44
j Ge 41:48; Eks 1:11
k 1Kn 4:26
l Pr 2:10
m Ge 15:21
n Eks 23:23
o Eks 34:11
p De 7:1
q Nu 13:29; Rig 1:21
r 2Kr 8:7
s Jos 17:12
t Ge 9:25
u Le 25:39; Jer 2:14
v 1Sa 8:11; 2Kr 8:9
w 1Kn 5:16; 2Kr 2:18; 2Kr 8:10

x 1Kn 3:1; 1Kn 7:8; 2Kr 8:11; y 2Sa 5:9.

gekom na haar huis wat hy vir
haar gebou het. Toe het hy die
Wal gebou.[a]
**25** En Salomo het voortge-
gaan om drie[b] keer per jaar
brandoffers en gemeenskapsof-
fers te offer op die altaar wat
hy vir Jehovah gebou het,[c] en
daar is offerrook gebring op die
altaar,[d] wat voor Jehovah was;
en hy het die huis voltooi.[e]
**26** En koning Salomo het ’n
vloot skepe gebou in E′seon-
Ge′ber,[f] wat by Elot[g] lê, aan die
kus van die Rooi See in die
land Edom.[h] **27** En Hiram het
deurentyd sy knegte op die
vloot skepe gestuur,[i] seemanne
wat die see ken, saam met die
knegte van Salomo. **28** En
hulle het na Ofir[j] gegaan en
vierhonderd-en-twintig talente
goud[k] daarvandaan gaan haal
en dit na koning Salomo toe ge-
bring.

**10** En die koningin van Ske-
ba[l] het die berig oor Sa-
lomo in verband met die naam
van Jehovah gehoor.[m] Toe het
sy gekom om hom met ingewik-
kelde vrae op die proef te stel.[n]
**2** Uiteindelik het sy in Jerusa-
lem aangekom met ’n baie in-
drukwekkende gevolg,[o] kame-
le[p] wat balsemolie[q] en ’n baie
groot hoeveelheid goud en edel-
stene dra; en sy het by Salomo
gekom en met hom begin praat
oor alles wat haar na aan die
hart gelê het.[r] **3** Daarop het
Salomo al haar sake aan haar
bekend gemaak.[s] Geen saak
was vir die koning verborge wat
hy nie aan haar bekend gemaak
het nie.[t]
**4** Toe die koningin van Skeba
al die wysheid van Salomo[u] sien
en die huis wat hy gebou het,[v]
**5** en die voedsel van sy tafel[w]
en hoe sy knegte sit en die tafel-
diens van sy bediendes en hul-
le kleredrag en sy dranke[a] en
sy brandoffers wat hy gereeld
by die huis van Jehovah geoffer
het, was daar geen gees meer
in haar nie.[b] **6** Toe het sy vir
die koning gesê: “Die woord was
waar wat ek in my land oor u
sake en oor u wysheid gehoor
het.[c] **7** En ek het geen geloof
gestel in die woorde nie tot-
dat ek gekom het sodat my eie
oë kon sien; en kyk! ek is die
helfte nie vertel nie.[d] U het in
wysheid en voorspoed die dinge
oortref wat gehoor is, waarna
ek geluister het.[e] **8** Gelukkig
is u manne;[f] gelukkig[g] is hierdie
knegte van u wat voortdurend
voor u staan, wat na u wys-
heid luister![h] **9** Mag Jehovah
u God geloof word,[i] wat behae
in u gehad het[j] sodat hy u op die
troon van Israel geplaas het;[k]
want Jehovah het Israel tot on-
bepaalde tyd lief,[l] sodat hy u as
koning aangestel het[m] om reg-
terlike beslissings te lewer[n] en
regverdigheid uit te oefen.”[o]
**10** Toe het sy aan die ko-
ning honderd-en-twintig talen-
te goud[p] en ’n baie groot
hoeveelheid balsemolie[q] en
edelstene gegee.[r] Nooit weer
het daar soveel balsemolie ge-
kom as wat die koningin van
Skeba aan koning Salomo gegee
het nie.
**11** En Hiram se vloot ske-
pe[s] wat goud uit Ofir ver-
voer het,[t] het ook ’n baie groot
hoeveelheid algummimstompe[u]
en edelstene uit Ofir gebring.[v]
**12** En die koning het van die
algummimstompe steunsels vir
die huis van Jehovah[w] en vir die
huis van die koning gemaak,
en ook harpe[x] en snaarinstru-
mente[y] vir die sangers. Sulke

**HFST. 9**
a 1Kn 9:15
b Eks 23:14; De 16:16; 2Kr 8:13
c 2Kr 8:12
d Eks 29:38; 1Kr 23:13
e 1Kn 6:38; 2Kr 8:16
f Nu 33:35; De 2:8; 1Kn 22:48
g 2Kn 14:22
h 2Kr 8:17
i 1Kn 5:12; 1Kn 22:49; 2Kr 8:18
j Ge 10:29; 1Kn 10:11; 1Kr 29:4; 2Kr 9:10; Job 22:24; Ps 45:9
k 2Kr 8:18; 1Pe 1:7; Op 3:18

**HFST. 10**
l Ge 10:28
m 1Kn 4:29
n 2Kr 9:1; Mt 12:42
o 2Kn 8:9; Ps 72:10
p Jes 60:6
q Eks 25:6; 2Kn 20:13
r 2Kr 9:1
s 2Kr 9:2; Spr 1:5; Spr 13:20
t 2Sa 14:20
u 1Kn 3:28; 2Kr 9:3; Pr 12:9
v 1Kn 6:1
w 1Kn 4:22

**Tweede kol.**
a 2Kr 9:4
b Jos 5:1
c 2Kr 9:5
d Joh 7:46; Ro 11:33
e 2Kr 9:6
f 1Kn 4:20; Ps 33:12; Ps 144:15
g De 33:29; Spr 3:13; Spr 8:34
h 2Kr 9:7
i 1Kn 5:7; Ps 72:18
j Ps 18:19
k Ps 2:6
l De 7:8; 1Kr 17:22; 2Kr 2:11
m 1Kn 2:45; 2Kr 9:8; Lu 11:31; Joh 1:49
n 2Sa 8:15; Jes 9:7
o 2Sa 23:3; Ps 72:2; Jes 11:4; Jer 22:15

**p** 2Kr 9:9; **q** Ge 43:11; **r** Ps 72:10; **s** 1Kn 9:27; **t** 2Kr 8:18; Ps 45:9; **u** 2Kr 2:8; **v** 2Kr 9:10; **w** 2Kr 9:11; **x** 1Kr 13:8; 1Kr 25:1; Ps 92:3; Ps 150:3; **y** 2Sa 6:5; 2Kr 5:12.

stompe van algummimbome
het nie weer ingekom en is ook
nie weer gesien tot vandag toe
nie.
**13** En koning Salomo het die
koningin van Skeba alles ge-
gee wat haar behaag het, wat
sy gevra het, buiten wat hy
haar volgens die vrygewigheid[a]
van koning Salomo gegee het.
Daarna het sy omgedraai en na
haar land gegaan, sy met haar
knegte.[b]
**14** En die gewig van die
goud[c] wat in een jaar na Salo-
mo toe gekom het, was ses-
honderd-ses-en-sestig talente
goud,[d] **15** buiten dié van die
handelsreisigers en die wins
van die handelaars en al die ko-
nings[e] van die Arabiere[f] en die
goewerneurs van die land.
**16** En koning Salomo het
tweehonderd groot skilde van
gelegeerde goud gemaak[g] (ses-
honderd sikkels goud het hy
op elke groot skild gebruik),[h]
**17** en driehonderd klein skilde
van gelegeerde goud (drie mi-
nas goud het hy op elke klein
skild gebruik).[i] Toe het die ko-
ning dit in die Huis van die Li′-
banonwoud[j] gesit.
**18** Verder het die koning ’n
groot ivoortroon[k] gemaak en
dit met gelouterde goud oorge-
trek.[l] **19** Daar was ses trappe
na die troon toe, en die troon
het ’n ronde kopstuk agter ge-
had, en daar was armleunings
aan weerskante van die sitplek,
en twee leeus[m] het langs die
armleunings gestaan.[n] **20** En
daar het twaalf leeus aan
weerskante op die ses trappe
gestaan. Geen ander koninkryk
het een gehad wat net so ge-
maak is nie.[o]
**21** En al die drinkhouers van
koning Salomo was van goud,
en al die houers van die Huis
van die Li′banonwoud[a] was van
suiwer goud.[b] Daar was niks
van silwer nie; dit is in die
dae van Salomo as hoegenaamd
niks geag nie. **22** Want die ko-
ning het ’n vloot Tarsisskepe[c]
op die see gehad saam met Hi-
ram se vloot skepe. Een keer in
drie jaar het die vloot Tarsis-
skepe gekom, gelaai met goud[d]
en silwer, ivoor[e] en ape en poue.
**23** So was koning Salomo
groter in rykdom[f] en wysheid[g]
as al die ander konings van
die aarde. **24** En al die mense
van die aarde het die aangesig
van Salomo gesoek om sy wys-
heid te hoor wat God in sy hart
geplaas het.[h] **25** En hulle het
elkeen sy geskenk gebring:[i] sil-
wervoorwerpe[j] en goue voor-
werpe en klere en wapens[k]
en balsemolie, perde en muile,[l]
jaar na jaar.[m]
**26** En Salomo het steeds
meer strydwaens en perde ver-
samel; en hy het duisend-vier-
honderd strydwaens en twaalf-
duisend perde gehad,[n] en hy
het hulle in die strydwastede en
naby die koning in Jerusalem
gehou.[o]
**27** En die koning het die sil-
wer in Jerusalem soos die klip-
pe gemaak,[p] en sederhout het
hy so oorvloedig gemaak soos
die wildevyebome wat in die
Sjefe′la is.[q]
**28** En perde is uit Egipte na
Salomo uitgevoer, en die ko-
ning se geselskap koopman-
ne het telkens die trop perde
teen ’n prys geneem.[r] **29** En
’n strydwa het gewoonlik opge-
kom en is uit Egipte uitgevoer
vir seshonderd silwerstukke,
en ’n perd vir honderd-en-vyf-
tig; en so was dit vir al die ko-
nings van die Hetiete[s] en die
konings van Sirië. Deur middel

**HFST. 10**
a Spr 11:25
b 2Kr 9:12
c 1Kr 29:4
d 2Kr 9:13
e 2Kr 9:14
Ps 72:10
f 2Kr 9:14
2Kr 21:16
g 1Kn 14:26
2Kr 12:9
h 2Kr 9:15
i 2Kr 9:16
j 1Kn 7:2
k 1Kn 22:39
Ps 45:8
Ps 122:5
Am 6:4
Op 18:12
l 2Kr 9:17
m Ge 49:9
Nu 23:24
Nu 24:9
Spr 28:1
Op 5:5
n 2Kr 9:18
o 2Kr 9:19

**Tweede kol.**
a 1Kn 7:2
b 2Kr 9:20
c Ge 10:4
2Kr 20:36
Ps 72:10
Jes 23:1
Jes 60:9
Ese 27:12
Jon 1:3
d 2Kr 9:21
e 1Kn 10:18
f 1Kn 3:13
2Kr 9:22
Pr 5:19
g 1Kn 3:12
1Kn 4:29
1Kn 4:34
Kol 2:3
h 2Kr 9:23
Spr 2:6
i Ps 68:29
Spr 18:16
j 1Kr 29:4
k Jes 22:8
l 1Kn 1:33
Esr 2:66
m 2Kr 9:24
n De 17:16
1Kn 4:26
o 2Kr 9:25
p 2Kr 1:15
q 2Kr 9:27
r De 17:16
2Kr 9:28
s Jos 1:4
2Kn 7:6

van hulle het die uitvoer geskied.

**11** En koning Salomo het baie uitlandse vrouens liefgehad[a] benewens die dogter van Farao:[b] Moabitiese,[c] Ammonitiese,[d] Edomitiese,[e] Sidoniese[f] en Hetitiese[g] vrouens, **2** uit die nasies waarvan Jehovah vir die kinders van Israel gesê het: "Julle mag nie onder hulle ingaan nie,[h] en hulle mag nie onder julle inkom nie; waarlik, hulle sal julle hart laat afwyk om hulle gode te volg."[i] Salomo het hulle aangekleef[j] om hulle lief te hê. **3** En hy het sewehonderd vrouens gehad, vorstinne, en driehonderd byvrouens; en sy vrouens het sy hart geleidelik[k] laat afwyk. **4** En toe Salomo oud word,[l] het sy vrouens sy hart laat afwyk[m] om ander gode te volg;[n] en sy hart was nie volkome[o] met Jehovah sy God soos die hart van sy vader Dawid nie. **5** En Salomo het agter Asto′ret,[p] die godin van die Sidoniërs, en agter Milkom,[q] die walglike ding van die Ammoniete, aan begin loop. **6** En Salomo het begin doen wat sleg was[r] in die oë van Jehovah, en hy het Jehovah nie volkome gevolg soos sy vader Dawid nie.[s]

**7** Toe het Salomo 'n hoogte gebou[t] vir Kamos,[u] die walglike[v] ding van Moab, op die berg[w] wat voor[x] Jerusalem was, en vir Molog, die walglike ding van die kinders van Ammon. **8** En so het hy gedoen vir al sy uitlandse vrouens[y] wat offerrook laat opgaan het en offerandes aan hulle gode gebring het.[z]

**9** En Jehovah het vertoornd geword[a] op Salomo, omdat sy hart afgewyk het van Jehovah, die God van Israel,[b] wat twee keer aan hom verskyn het.[c] **10** En aangaande hierdie saak het hy hom beveel om nie agter ander gode aan te loop nie;[a] maar hy het nie onderhou wat Jehovah beveel het nie. **11** Jehovah het toe vir Salomo gesê: "Omdat dit met jou gebeur het en jy my verbond en my insettinge wat ek jou beveel het, nie gehou het nie, sal ek vir seker die koninkryk van jou afskeur, en ek sal dit beslis aan jou kneg gee.[b] **12** Ek sal dit egter nie in jou dae doen nie,[c] ter wille van jou vader Dawid.[d] Uit die hand van jou seun sal ek dit afskeur.[e] **13** Maar ek sal nie die hele koninkryk afskeur nie.[f] Een stam sal ek aan jou seun gee, ter wille van my kneg Dawid[g] en ter wille van Jerusalem wat ek uitgekies het."[h]

**14** En Jehovah het 'n teenstander[i] teen Salomo begin verwek,[j] naamlik Hadad, die Edomiet, van die nageslag van die koning. Hy was in Edom.[k] **15** En toe Dawid Edom verslaan het,[l] toe Joab, die leërhoof, opgetrek het om die gesneuweldes te begrawe, het hy almal wat manlik was in Edom, probeer doodmaak.[m] **16** (Want ses maande lank het Joab en die hele Israel daar gebly totdat hy almal wat manlik was in Edom, uitgeroei het.) **17** En Hadad het gevlug, hy en party Edomitiese manne uit die knegte van sy vader saam met hom, om na Egipte te gaan, terwyl Hadad 'n jong seun was. **18** En hulle het uit Mi′dian[n] opgestaan en in Paran[o] gekom en uit Paran manne saam met hulle geneem en in Egipte gekom by Farao, die koning van Egipte, wat hom toe 'n huis gegee het. Ook het

HFST. 11

a De 17:17; Ne 13:26
b 1Kn 3:1
c Ge 19:37; Rut 4:10
d 1Kn 14:21
e De 23:7
f 1Kn 16:31
g Ge 26:34
h De 7:3
i Eks 34:16; Jos 23:12; Esr 9:12; Esr 10:2; 2Ko 6:14
j Ge 34:3
k Spr 28:14; Jer 18:12; Heb 3:12
l 1Kn 11:42
m De 7:4; De 17:17; Ne 13:26
n De 31:16; De 32:21; 1Ko 8:4
o Op 2:4
p Rig 2:13; 1Sa 12:10
q Le 18:21; 2Kn 23:13
r 2Sa 7:14
s 1Kn 15:5
t Le 26:30; Nu 33:52; 2Kn 21:3
u Nu 21:29; Jer 48:13
v De 13:14; De 27:15; Op 17:4
w 2Kn 23:13; Mt 26:30; Han 1:12
x Ese 11:23
y Ne 13:26
z Jer 1:16; Jer 7:18
a Ps 90:7
b De 7:4; Spr 4:23; Heb 3:12
c 1Kn 3:5; 1Kn 9:2

Tweede kol.

a 1Kn 6:12; 2Kr 7:19
b 2Kn 17:21
c 1Kn 21:29
d Ps 89:35
e 2Kr 10:18
f 2Sa 7:15; 1Kr 17:13; Ps 89:33
g 1Kn 12:20; 2Kr 11:1
h De 12:11; 1Kn 11:32; Jes 60:14
i Ge 27:40; 1Sa 29:4; 1Kn 5:4
j De 31:17; 2Sa 7:14
k 2Sa 8:14; 1Kr 18:12; Ps 60:Ops
l 2Sa 8:13
m De 20:13

n Ge 25:2; o Ge 21:21; Nu 10:12; De 33:2.

hy aan hom brood toegesê en
aan hom grond gegee. **19** En
Hadad het deurentyd guns ge-
vind[a] in die oë van Farao, in so
’n mate dat hy aan hom ’n vrou
gegee het,[b] die suster van sy eie
vrou, die suster van die dame
Tag′penes. **20** Na verloop van
tyd het die suster van Tag′pe-
nes vir hom sy seun Genu′bat
gebaar, en Tag′penes het hom
daar in die huis van Farao ge-
speen;[c] en Genu′bat het in die
huis van Farao gebly, tussen die
kinders van Farao.

**21** En Hadad het in Egip-
te gehoor dat Dawid met sy
voorvaders ontslaap het[d] en dat
Joab, die leërhoof, gesterf het.[e]
Toe het Hadad vir Farao gesê:
“Stuur my weg,[f] sodat ek na my
eie land kan gaan.” **22** Maar
Farao het vir hom gesê: “Waar-
aan het jy gebrek terwyl jy by
my is dat jy nou na jou eie land
wil gaan?” Hierop het hy gesê:
“Aan niks; maar u behoort my
vir seker weg te stuur.”

**23** En God het nog ’n teen-
stander teen hom verwek,[g]
naamlik Reson, die seun van
El′jada, wat vir sy heer Hada-
de′ser,[h] die koning van Soba,[i]
gevlug het. **24** En hy het, toe
Dawid hulle doodgemaak het,[j]
voortdurend manne aan sy
kant bymekaargebring en hoof
van ’n rowerbende geword. En
hulle het na Damaskus[k] gegaan
en daarin gaan woon en in Da-
maskus begin regeer. **25** En
hy was ’n teenstander van Is-
rael al die dae van Salomo,[l] en
dít by die kwaad wat Hadad ge-
doen het; en hy het ’n afsku[m]
van Israel gehad terwyl hy oor
Sirië bly regeer het.

**26** En daar was Jero′beam,[n]
die seun van Nebat, ’n Efrai-
miet uit Sere′da, ’n kneg van
Salomo,[o] en sy moeder se naam
was Seru′a, ’n weduwee. Ook
hy het sy hand teen die koning
begin ophef.[a] **27** En dít is die
rede waarom hy sy hand teen
die koning opgehef het: Salomo
het die Wal gebou.[b] Hy het die
gaping in die Stad van Dawid,
sy vader,[c] toegemaak. **28** En
die man Jero′beam was ’n dap-
per, sterk man.[d] Toe Salomo
sien dat die jong man ’n har-
de werker is,[e] het hy hom opsie-
ner gemaak[f] oor al die verpligte
diens[g] van die huis van Josef.[h]
**29** En in dié tyd het Jero′be-
am uit Jerusalem uitgegaan, en
die profeet Ahi′a,[i] die Siloniet,[j]
het hom op die pad gekry, en
Ahi′a het hom met ’n nuwe
kleed bedek; en hulle twee was
alleen in die veld. **30** Ahi′a
het toe die nuwe kleed ge-
gryp wat hy aangehad het en
dit in twaalf[k] stukke geskeur.[l]
**31** En hy het vir Jero′beam
gesê:

“Neem vir jou tien stukke;
want só het Jehovah, die God
van Israel, gesê: ‘Kyk, ek skeur
die koninkryk uit die hand van
Salomo, en ek sal jou beslis tien
stamme gee.[m] **32** En die een
stam[n] sal syne bly ter wille van
my kneg Dawid[o] en ter wille
van Jerusalem,[p] die stad wat ek
uit al die stamme van Israel ge-
kies het. **33** Die rede hiervoor
is dat hulle my verlaat het[q] en
hulle begin neerbuig het voor
Asto′ret,[r] die godin van die Si-
doniërs, voor Kamos,[s] die god
van Moab, en voor Milkom,[t] die
god van die kinders van Am-
mon; en hulle het nie in my
weë gewandel deur te doen wat
reg is in my oë en my inset-
tinge en my regterlike beslis-
sings te onderhou soos sy vader
Dawid nie. **34** Maar ek sal nie
die hele koninkryk uit sy hand
neem nie, want ek sal hom as ’n

**HFST. 11**

a Ge 39:4
b Ge 41:45
c Ge 21:8; 1Sa 1:23
d 1Kn 2:10
e 1Kn 2:34
f Ge 24:56; Ge 30:25; Eks 5:1
g 1Sa 26:19; 2Sa 24:1; 1Kn 11:14; 1Kr 5:26
h 2Sa 8:3
i 2Sa 10:8; 1Kr 19:6
j 2Sa 10:18
k Ge 14:15; 1Kn 19:15; 1Kn 20:34; Jes 7:8; Han 9:2
l 1Kn 5:4
m Ge 34:30; Ps 68:1
n 1Kn 11:31; 1Kn 12:2; 1Kn 12:32; 1Kn 14:10; 2Kr 11:14; 2Kr 13:3; 2Kr 13:20
o 1Kn 9:22; 2Kr 13:6

**Tweede kol.**

a Spr 30:32
b 1Kn 9:15; 1Kn 9:24
c 2Sa 5:7
d 1Sa 14:52
e Spr 22:29; Ro 12:11
f 1Kn 5:16; Spr 12:24
g 2Kn 25:12; Jer 39:10
h Rig 1:22; 2Sa 19:20; Am 5:6
i 1Kn 12:15; 1Kn 14:2; 2Kr 9:29
j Jos 18:1
k Ge 49:28; Eks 24:4
l 1Sa 15:27
m 1Kn 12:16
n 2Kr 11:1
o Ge 49:10; 1Kn 6:12; 1Kn 12:20
p De 12:5; 1Kn 11:13; 2Kn 21:4; 2Kn 23:27; Ps 132:13
q De 28:15; 2Kr 15:2
r Rig 2:13; Rig 10:6; 1Sa 7:3
s Nu 21:29; Jer 48:13
t Le 18:21; Le 20:2; Sef 1:5; Han 7:43

owerste aanstel al die dae van
sy lewe, ter wille van my kneg
Dawid wat ek uitgekies het,[a]
omdat hy my gebooie en my in-
settinge onderhou het. **35** En
ek sal beslis die koningskap uit
die hand van sy seun neem en
dit aan jou gee, ja, tien stam-
me.[b] **36** En aan sy seun sal ek
een stam gee, sodat my kneg
Dawid altyd 'n lamp voor my
kan hê in Jerusalem,[c] die stad
wat ek vir my uitgekies het
om my naam daar te vestig.[d]
**37** En ek sal jou neem, en jy
sal inderdaad regeer oor alles
wat jou siel begeer,[e] en jy sal
beslis koning oor Israel word.
**38** En as jy alles gehoorsaam
wat ek jou beveel en jy in my
weë wandel en doen wat reg
is in my oë deur my insettinge
en my gebooie te onderhou, net
soos my kneg Dawid gedoen
het,[f] dan sal ek met jou wees,[g]
en ek sal vir jou 'n bestendi-
ge huis bou, net soos ek vir Da-
wid gebou het,[h] en ek sal Israel
aan jou gee. **39** En ek sal die
nageslag van Dawid om hierdie
rede verneder,[i] maar nie vir al-
tyd nie.' "[j]

**40** En Salomo het Jero'beam
probeer doodmaak.[k] Toe het Je-
ro'beam opgestaan en gevlug[l]
na Egipte, na Sisak,[m] die ko-
ning van Egipte, en hy het tot
Salomo se dood in Egipte gebly.

**41** Wat die res van die aan-
geleenthede van Salomo betref
en alles wat hy gedoen het en
sy wysheid, is dit nie opgeteken
in die kroniekboek van Salomo
nie? **42** En die dae dat Salomo
in Jerusalem oor die hele Israel
regeer het, was veertig jaar.[n]
**43** Toe het Salomo met sy voor-
vaders ontslaap,[o] en hy is in die
Stad van Dawid,[p] sy vader, be-
grawe; en sy seun Reha'beam[q]
het in sy plek begin regeer.

**12** En Reha'beam[a] het na
Sigem gegaan, want die
hele Israel het na Sigem[b] ge-
kom om hom koning te maak.
**2** En toe Jero'beam,[c] die seun
van Nebat, daarvan hoor ter-
wyl hy nog in Egipte was (want
hy het vir koning Salomo ge-
vlug, sodat Jero'beam in Egip-
te kon woon),[d] **3** het hulle ge-
stuur en hom laat roep. Daarna
het Jero'beam en die hele ge-
meente van Israel gekom en
met Reha'beam begin praat en
gesê:[e] **4** "U vader het ons juk
hard gemaak, en maak ú dan
nou die harde diens van u va-
der en sy swaar juk[f] wat hy ons
opgelê het, ligter,[g] en ons sal u
dien."[h]

**5** Hierop het hy vir hulle ge-
sê: "Gaan vir drie dae weg en
kom dan na my toe terug."[i] Toe
het die volk weggegaan. **6** En
koning Reha'beam het begin
beraadslaag met die ouer man-
ne[j] wat die hele tyd in sy va-
der Salomo se diens was terwyl
hy nog gelewe het en gesê: "Hoe
raai julle aan moet hierdie volk
geantwoord word?"[k] **7** Daar-
op het hulle met hom gepraat
en gesê: "As u vandag 'n kneg
van hierdie volk is en hulle
dien,[l] dan moet u hulle ant-
woord en goeie woorde met hul-
le spreek;[m] en hulle sal sekerlik
vir altyd u knegte word."[n]

**8** Hy het egter die raad van
die ouer manne wat hulle hom
gegee het, in die wind geslaan,
en hy het begin beraadslaag
met die jong manne wat saam
met hom grootgeword het,[o] dié
wat in sy diens was.[p] **9** En hy
het vir hulle gesê: "Wat raai jul-
le aan[q] moet ons hierdie volk
antwoord wat met my gepraat
en gesê het: 'Maak die juk wat u
vader ons opgelê het, ligter'?"[r]
**10** Hierop het die jong manne

**HFST. 11**

a 1Kn 9:4; 1Kn 11:4; Ps 89:49; Ps 132:17; Jes 9:7
b 1Kn 12:20; 2Kr 10:16
c 2Sa 7:29; 2Sa 14:7; 1Kn 15:4; 2Kn 8:19; Lu 1:69; Han 15:16
d 1Kn 11:32
e 2Sa 3:21
f 1Kn 3:14; 1Kn 15:5
g Jos 1:5
h 2Sa 7:11; 1Kr 17:10; Ps 89:33
i 1Kn 12:16; 1Kn 14:8
j Ge 49:10; Jes 11:1; Lu 1:32
k Spr 19:21; Spr 21:30
l 2Kr 10:2
m 1Kn 14:25; 2Kr 12:2
n 2Kr 9:30
o 1Kn 1:21; 2Kr 9:31
p 1Kn 2:10; 2Kr 21:20
q 1Kr 3:10; 2Kr 13:7; Mt 1:7

**Tweede kol.**

**HFST. 12**

a 2Kr 10:1
b Ge 12:6; Ge 33:18; Jos 20:7; Rig 9:1; Han 7:16
c 1Kn 11:26
d 1Kn 11:40; 2Kr 10:2
e 2Kr 10:3
f 1Sa 8:11; 1Sa 8:18; 1Kn 4:7
g Mt 11:30
h 2Kr 10:4
i 1Kn 12:12; 2Kr 10:5
j 2Sa 16:20; Spr 11:14; Spr 20:29
k 2Kr 10:6; Spr 22:17
l Pr 4:13; Mr 10:43
m Spr 15:1
n 2Kr 10:7
o Spr 13:20; Spr 24:7; Jes 3:4
p 2Kr 10:8
q 2Sa 17:6
r 2Kr 10:9

wat saam met hom grootge-
word het, met hom gepraat en
gesê: "Só moet u sê[a] vir hierdie
volk wat met u gepraat en gesê
het: 'U vader het ons juk swaar
gemaak, maar maak ú dit lig-
ter op ons'; só moet u vir hul-
le sê: 'My pinkie sal beslis dik-
ker as my vader se heupe wees.[b]
**11** My vader het dan nou 'n
swaar juk op julle gelaai; maar
ék sal by julle juk byvoeg.[c] My
vader het julle met swepe ge-
tugtig, maar ék sal julle met ge-
sels tugtig.' "[d]

**12** En Jero′beam en die hele
volk het op die derde dag na
Reha′beam toe gekom, net soos
die koning gespreek en gesê
het: "Kom op die derde dag na
my toe terug."[e] **13** En die ko-
ning het die volk 'n harde ant-
woord[f] begin gee en het die
raad wat die ouer manne hom
gegee het, in die wind geslaan.[g]
**14** En hy het volgens die raad
van die jong manne[h] met hulle
gepraat en gesê: "My vader het
julle juk swaar gemaak, maar
ék sal by julle juk byvoeg. My
vader het julle met swepe ge-
tugtig, maar ék sal julle met
gesels tugtig."[i] **15** En die ko-
ning het nie na die volk geluis-
ter nie,[j] want die wending van
sake het van Jehovah gekom,[k]
sodat hy inderdaad sy woord
kon uitvoer[l] wat Jehovah deur
middel van Ahi′a,[m] die Siloniet,
tot Jero′beam, die seun van Ne-
bat, gespreek het.

**16** Toe die hele Israel sien
dat die koning nie na hulle ge-
luister het nie, het die volk
die koning geantwoord en ge-
sê: "Watter deel het ons aan Da-
wid?[n] En daar is geen erfdeel
in die seun van Isai nie. Na jou
gode,[o] o Israel. Sorg nou vir
jou eie huis, o Dawid!"[p] Daar-
op het Israel na hulle tente be-
gin gaan. **17** Wat die kinders
van Israel betref wat in die ste-
de van Juda gewoon het, Reha′-
beam het oor hulle bly regeer.[a]

**18** Daarna het koning Reha′-
beam Ado′ram[b] gestuur, wat
oor dié was wat tot dwangar-
beid opgeroep is,[c] maar die hele
Israel het hom met klippe ge-
gooi,[d] sodat hy gesterf het. En
koning Reha′beam het dit reg-
gekry om op die strydwa te
klim om na Jerusalem te vlug.
**19** En die Israeliete het met
hulle opstand[e] teen die huis
van Dawid volgehou tot vandag
toe.[f]

**20** En toe die hele Israel
hoor dat Jero′beam terugge-
keer het, het hulle dadelik ge-
stuur en hom na die vergade-
ring laat roep en hom koning
oor die hele Israel gemaak.[g]
Niemand het 'n volgeling van
die huis van Dawid geword nie,
behalwe die stam Juda alleen.[h]

**21** Toe Reha′beam in Jeru-
salem aankom,[i] het hy onmid-
dellik die hele huis van Juda
en die stam Benjamin[j] byme-
kaar laat kom, honderd-en-tag-
tigduisend uitgesoekte weerba-
re manne, om teen die huis
van Israel te veg, ten einde
die koningskap na Reha′beam,
die seun van Salomo, terug te
bring. **22** Toe het die woord
van die ware God tot Sema′ja,[k]
die man van die ware God,[l] ge-
kom en gesê: **23** "Sê vir Re-
ha′beam, die seun van Salomo,
die koning van Juda, en vir die
hele huis van Juda en Benja-
min en die res van die volk:
**24** 'Só het Jehovah gesê: "Jul-
le mag nie optrek en teen jul-
le broers, die kinders van Israel,
veg nie.[m] Gaan terug, elkeen na
sy huis, want hierdie saak het
van mý gekom." ' "[n] Toe het hul-
le die woord van Jehovah ge-

**HFST. 12**
a 2Sa 17:7
b 2Kr 10:10; Ps 140:11; Spr 18:6; Spr 29:23
c 2Kr 16:10; Spr 11:17
d 2Kr 10:11; Jes 3:5
e 2Kr 10:12
f Ge 42:30; Spr 15:1; Spr 18:23; Pr 10:12
g 2Kr 10:13; Spr 13:20
h Spr 12:5
i 2Kr 10:14; Spr 29:2
j Spr 21:13
k De 2:30; 2Kr 10:15; 2Kr 22:7; Ps 5:10; Spr 21:1; Am 3:6; Ro 9:18
l 1Sa 15:29; Jes 55:11
m 1Kn 11:31
n 2Sa 20:1; 2Kr 10:16
o Eks 20:3; Spr 11:9
p 2Sa 7:15

**Tweede kol.**
a 1Kn 11:13; 2Kr 10:17; 2Kr 11:13; 2Kr 11:16
b 2Sa 20:24; 1Kn 4:6
c 1Kn 5:14
d Eks 17:4; Nu 14:10; 2Kr 10:18; 2Kr 24:21; Han 5:26
e 2Kn 17:21
f 2Kr 10:19
g 1Kn 11:31
h 1Kn 11:13; 2Kr 13:10; 2Kr 25:5; Ho 11:12
i 2Kr 11:1
j 2Kr 14:8; 2Kr 17:17
k 2Kr 11:2; 2Kr 12:5
l 1Kn 13:1; 1Kn 17:18; Heb 1:1
m Nu 14:42
n 1Kn 11:31; Spr 16:9

hoorsaam[a] en teruggegaan huis
toe volgens die woord van Jeho-
vah.[b]
**25** En Jero′beam het Sigem[c]
in die bergstreek van E′fraim
gebou en daarin gaan woon.
Toe het hy daarvandaan wegge-
trek en Pnuel[d] gebou. **26** En
Jero′beam het in sy hart begin
sê:[e] "Nou sal die koninkryk na
die huis van Dawid terugkeer.[f]
**27** As hierdie volk voortdu-
rend opgaan om offerandes in
die huis van Jehovah in Jerusa-
lem te bring,[g] dan sal die hart
van hierdie volk sekerlik terug-
keer na hulle heer Reha′beam,
die koning van Juda; en hulle
sal my beslis doodmaak[h] en te-
rugkeer na Reha′beam, die ko-
ning van Juda." **28** Gevolglik
het die koning beraadslaag[i] en
twee goue kalwers[j] gemaak en
vir die volk gesê: "Dit is vir jul-
le te veel om na Jerusalem op
te gaan. Hier is jou God,[k] o Is-
rael, wat julle uit Egipteland
laat optrek het."[l] **29** Toe het
hy die een in Bet-El[m] geplaas,
en die ander het hy in Dan[n] ge-
sit. **30** En hierdie saak het 'n
oorsaak van sonde geword,[o] en
die volk het voor die een begin
uitgaan tot by Dan.
**31** En hy het 'n huis van
die hoogtes[p] begin maak en
priesters aangestel uit die volk
in die algemeen, wat nie van
die seuns van Levi was nie.[q]
**32** En Jero′beam het in die agt-
ste maand op die vyftiende dag
van die maand 'n fees ingestel,
soos die fees wat in Juda was,[r]
sodat hy offers kon bring op die
altaar wat hy in Bet-El gemaak
het, om offerandes te bring aan
die kalwers wat hy gemaak
het; en hy het die priesters
van die hoogtes wat hy gemaak
het, in Bet-El[s] diens laat verrig.
**33** En op die vyftiende dag in
die agtste maand, in die maand
wat hy self versin het, het hy
offers begin bring op die altaar
wat hy in Bet-El gemaak het;[a]
en hy het vir die kinders van Is-
rael 'n fees ingestel en offers op
die altaar gebring om offerrook
te laat opgaan.[b]

**13** En kyk, daar was 'n man[c]
van God wat deur die
woord[d] van Jehovah uit Juda na
Bet-El gekom het, terwyl Jero′-
beam by die altaar[e] gestaan het
om offerrook te laat opgaan.[f]
**2** Toe het hy deur die woord
van Jehovah teen die altaar uit-
geroep en gesê: "O altaar, al-
taar, só het Jehovah gesê: 'Kyk!
'n Seun, gebore vir die huis van
Dawid, met die naam Josi′a![g] En
hy sal beslis op jou die pries-
ters van die hoogtes slag wat op
jou offerrook laat opgaan, en hy
sal mensebeendere op jou ver-
brand.' "[h] **3** En hy het dié dag
'n voorteken gegee[i] en gesê:
"Dít is die voorteken waarvan
Jehovah gepraat het: Kyk! Die
altaar word uitmekaar geskeur,
en die vetterige as wat daarop
is, sal beslis uitgestort word."
**4** En toe die koning die
woord van die man van die wa-
re God hoor wat hy teen die
altaar in Bet-El uitgeroep het,
het Jero′beam dadelik sy hand
van die altaar af uitgesteek en
gesê: "GRYP hom!"[j] Onmiddellik
het sy hand verdor wat hy teen
hom uitgesteek het, en hy kon
dit nie na hom toe terugtrek
nie.[k] **5** En die altaar is uitme-
kaar geskeur sodat die vetteri-
ge as van die altaar uitgestort
is, volgens die voorteken wat
die man van die ware God deur
die woord van Jehovah gegee
het.[l]
**6** Die koning het toe geant-
woord en vir die man van die

**HFST. 12**
a Han 5:39
b 2Kr 11:4
c 1Kn 12:1
d Ge 32:31, Rig 8:9, Rig 8:17
e Ps 14:1
f 1Kn 11:38
g De 12:5, 1Kn 8:29, 1Kn 11:32
h Spr 29:25
i Jes 30:1
j Eks 20:4, 2Kn 10:29, 2Kr 11:15, Han 17:29
k Eks 32:4, 2Kn 17:41
l Eks 32:8
m Ge 12:8, Ge 28:19
n Ge 14:14, De 34:1, Rig 18:29, Rig 20:1, 2Kn 10:29
o 1Kn 13:34, 2Kn 10:31, 2Kn 17:21
p 1Kn 13:32, Ese 16:25
q Nu 3:10, 1Kn 13:33, 2Kr 11:14, 2Kr 13:9
r Le 23:34, Nu 29:12, 1Kn 8:2
s Am 7:13

**Tweede kol.**
a 2Ko 11:14
b 1Ko 10:20

**HFST. 13**
c 2Kn 23:17
d 1Kn 20:35, Jes 1:2, Jer 25:3
e 1Kn 12:32, Am 3:14
f Nu 16:40, 2Kr 26:18, Jer 11:12
g 2Kn 21:24, 2Kn 22:1, 2Kn 23:15, 2Kn 23:29, 2Kr 34:33
h 2Kn 23:16, 2Kr 34:5
i De 13:1, Rig 6:17, 1Sa 2:34, Jes 20:3, 1Ko 1:22
j 2Kr 16:10, Ps 105:15, Jer 20:2
k 2Kn 6:18, Han 5:39, Han 13:11
l De 18:22

ware God gesê: "Versag asse-
blief die aangesig van Jehovah
jou God en bid vir my dat my
hand vir my herstel word."[a]
Hierop het die man van die
ware God die aangesig van Je-
hovah versag,[b] sodat die ko-
ning se hand vir hom herstel is,
en dit was weer soos vroeër.[c]
**7** En die koning het vir die man
van die ware God gesê: "Kom
tog saam met my huis toe en
neem versterking,[d] en laat ek
jou 'n geskenk gee."[e] **8** Maar
die man van die ware God het
vir die koning gesê: "Al sou u
my die helfte van u huis gee,[f]
sou ek nie saam met u kom[g] en
brood eet of water drink in hier-
die plek nie. **9** Want só het hy
my deur die woord van Jehovah
beveel en gesê: 'Jy mag geen
brood eet[h] of water drink nie,
en jy mag nie terugkeer met
die pad waarmee jy gegaan het
nie.'" **10** En hy het met 'n an-
der pad begin gaan, en hy het
nie teruggekeer met die pad
waarmee hy na Bet-El gekom
het nie.

**11** En 'n sekere ou profeet[i]
het in Bet-El gewoon, en sy
seuns het toe ingekom en hom
vertel watter werk die man van
die ware God alles dié dag in
Bet-El gedoen het en watter
woorde hy met die koning ge-
spreek het, en hulle het dit aan
hulle vader vertel. **12** Toe het
hulle vader vir hulle gesê: "Met
watter pad het hy dan gegaan?"
En sy seuns het hom die pad ge-
wys waarmee die man van die
ware God gegaan het wat uit
Juda gekom het. **13** Hy het
toe vir sy seuns gesê: "Saal die
esel vir my op." En hulle het
die esel[j] vir hom opgesaal, en hy
het daarop gery.

**14** En hy het die man van die
ware God gevolg en hom gevind
terwyl hy onder die groot boom
sit.[a] Toe het hy vir hom gesê: "Is
jy die man van die ware God wat
uit Juda gekom het?"[b] waarop
hy gesê het: "Ja." **15** En hy
het verder vir hom gesê: "Gaan
saam met my huis toe en eet
brood." **16** Maar hy het gesê:
"Ek kan nie saam met jou te-
ruggaan of saam met jou inkom
nie, en ek mag nie saam met jou
brood eet of water drink in hier-
die plek nie.[c] **17** Want deur
die woord van Jehovah is daar
vir my gesê:[d] 'Jy mag daar geen
brood eet of water drink nie.
Jy mag nie weer teruggaan met
die pad waarmee jy gegaan het
nie.'"[e] **18** Hierop het hy vir
hom gesê: "Ek is ook 'n profeet
soos jy, en 'n engel[f] het deur die
woord van Jehovah met my ge-
praat en gesê: 'Laat hom saam
met jou terugkom na jou huis
sodat hy brood kan eet en wa-
ter kan drink.'" (Hy het hom
bedrieg.)[g] **19** Toe het hy saam
met hom teruggegaan om in sy
huis brood te eet en water te
drink.[h]

**20** En terwyl hulle aan ta-
fel gesit het, het die woord[i]
van Jehovah tot die profeet ge-
kom wat hom teruggebring het;
**21** en hy het die man van die
ware God wat uit Juda gekom
het, begin toeroep en gesê: "Só
het Jehovah gesê: 'Omdat jy
teen die bevel van Jehovah in
opstand gekom het[j] en nie die
gebod onderhou het wat Jeho-
vah jou God jou beveel het nie,[k]
**22** maar jy teruggegaan het om
brood te eet en water te drink
in die plek waarvan hy vir jou
gesê het: "Moenie brood eet of
water drink nie", sal jou lyk nie
in die graf van jou voorvaders
kom nie.'"[l]

**23** En nadat hy brood geëet
het en nadat hy gedrink het,

**HFST. 13**
a Eks 10:17, Nu 21:7, Jer 37:3, Han 8:24, Jak 5:16
b 1Sa 12:23
c Eks 4:7, Nu 12:13
d Rig 13:15, Rig 19:21
e 1Kn 14:3, 2Kn 5:15, Jer 40:5
f Nu 22:18, Est 5:3, Est 7:2, Mr 6:23
g 2Kn 5:16, Ps 139:21
h Ps 141:4, 1Ko 5:11, Ef 5:11, 2Jo 11, Op 18:4
i 1Sa 10:10, Ese 13:2, Am 3:7
j Nu 22:21, Rig 5:10, 2Sa 19:26

**Tweede kol.**
a 1Kn 19:4
b 1Kn 13:1
c Nu 22:13
d De 13:3
e 1Kn 13:9
f Nu 22:35, Rig 6:11, Ga 1:8
g Le 19:11, De 18:20, Jer 29:31, Ese 13:9, Mt 7:15, 2Pe 2:1, 1Jo 4:1
h Spr 23:8
i Nu 23:5, Nu 23:16, Nu 24:4
j Nu 20:24, Nu 22:32
k Ps 119:4, Spr 19:16, 1Jo 5:3
l 1Kn 13:30, 2Kn 23:18

het hy dadelik vir hom die esel
opgesaal, dit wil sê vir die pro-
feet wat hy teruggebring het.
**24** En hy het vertrek. Later
het 'n leeu[a] hom op die pad ge-
kry en hom doodgemaak,[b] en
sy lyk is op die pad gegooi. En
die esel het daar langsaan ge-
staan, en die leeu het langs die
lyk gestaan. **25** En kyk, daar
het manne verbygekom, en hul-
le het die lyk gesien wat op die
pad gegooi is en die leeu wat
langs die lyk staan. Toe het hul-
le gekom en daarvan gepraat in
die stad waarin die ou profeet
gewoon het.

**26** Toe die profeet wat hom
van die pad af teruggebring
het, daarvan hoor, het hy on-
middellik gesê: "Dit is die man
van die ware God wat teen die
bevel van Jehovah in opstand
gekom het;[c] en daarom het Je-
hovah hom aan die leeu oorge-
gee, sodat hy hom sou verbrysel
en hom sou doodmaak, volgens
die woord van Jehovah wat
hy met hom gespreek het."[d]
**27** En hy het verder met sy
seuns gepraat en gesê: "Saal
die esel vir my op." En hulle
het dit opgesaal.[e] **28** Toe het
hy vertrek en die lyk gevind
van hom wat op die pad gegooi
is, met die esel en die leeu wat
langs die lyk staan. Die leeu
het nie die lyk geëet nie en
ook nie die esel verbrysel nie.[f]
**29** En die profeet het die lyk
van die man van die ware God
opgetel en hom op die esel ge-
sit en hom teruggebring. So het
hy in die stad van die ou pro-
feet ingekom om oor hom te
weeklaag en hom te begrawe.
**30** Toe het hy sy lyk in sy eie
graf neergelê; en hulle het oor
hom bly weeklaag:[g] "Hoe jam-
mer, my broer!" **31** En nadat
hy hom begrawe het, het hy
vir sy seuns gesê: "Wanneer ek
sterf, moet julle my in die graf
begrawe waarin die man van
die ware God begrawe is. Lê
my beendere langs sy beende-
re neer.[a] **32** Want die woord
wat hy deur die woord van Je-
hovah uitgeroep het teen die al-
taar[b] wat in Bet-El is en teen al
die huise van die hoogtes[c] wat
in die stede van Samari'a[d] is, sal
vir seker vervul word."[e]

**33** Ná hierdie voorval het Je-
ro'beam hom nie van sy slegte
weg afgekeer nie, maar hy het
weer priesters van die hoog-
tes uit die volk in die algemeen
aangestel.[f] Wat enigiemand be-
tref wat daarin behae geskep
het, hy het sy hand met mag ge-
vul[g] en gesê: "En laat hom een
van die priesters van die hoog-
tes word." **34** En in hierdie
saak was daar 'n oorsaak van
sonde vir die huis van Jero'be-
am[h] en 'n aanleiding om hulle
uit te wis en hulle van die op-
pervlak van die aarde af te ver-
delg.[i]

**14** In dié tyd het Abi'a, die
seun van Jero'beam, siek
geword.[j] **2** Toe het Jero'beam
vir sy vrou gesê: "Staan asse-
blief op, en jy moet jou ver-
mom[k] sodat hulle nie weet dat
jy die vrou van Jero'beam is nie,
en jy moet na Silo gaan. Kyk!
Die profeet Ahi'a[l] is daar. Hý
het van my gesê dat ek koning
oor hierdie volk sou word.[m]
**3** En jy moet tien brode in jou
hand neem[n] en bestrooide koe-
ke en 'n fles[o] heuning, en jy
moet na hom toe gaan.[p] Hy sal
beslis vir jou sê wat met die
seun gaan gebeur."[q]

**4** En die vrou van Jero'beam
het dit gedoen. Gevolglik het sy
opgestaan en na Silo[r] gegaan en
by die huis van Ahi'a gekom. En
Ahi'a kon nie sien nie, want sy

**HFST. 13**
a 1Kn 20:36; 2Kn 17:25; Am 5:19
b 2Sa 6:7; Na 1:2
c 1Kn 13:9
d 1Kn 13:21; Spr 11:31; Heb 12:29
e 1Kn 13:13
f Da 6:22
g Han 8:2

**Tweede kol.**
a 2Kn 23:18; Heb 11:22
b 1Kn 12:29; 2Kn 23:15
c Le 26:30; 1Kn 12:31
d 2Kn 23:19
e Nu 23:19; Jes 55:11
f 1Kn 12:31; 2Kr 11:14
g 2Kr 11:15
h 1Kn 12:30; 1Kn 16:31; 2Kn 3:3; 2Kn 10:31; 2Kn 13:2; 2Kn 17:21
i 1Kn 14:10; 1Kn 15:29; 2Kn 17:23

**HFST. 14**
j 2Sa 12:15; 1Kn 14:12
k 1Sa 28:8; 2Sa 14:2; 1Kn 22:30
l 1Kn 12:15
m 1Kn 11:31
n 1Sa 9:7; 1Kn 13:7; 2Kn 4:42
o Jer 19:1
p Ge 33:8; 2Kn 5:15
q 2Kn 8:8
r Jos 18:1; 1Sa 4:3; 1Kn 11:29; Jer 7:12

oë het verstar weens sy ouder-
dom.[a]
**5** En Jehovah het vir Ahi′a
gesê: “Kyk, die vrou van Jero′-
beam kom om van jou ’n woord
aangaande haar seun te vra;
want hy is siek. So en so moet
jy vir haar sê. En sodra sy hier
aankom, sal sy haar onherken-
baar maak.”[b]
**6** En net toe Ahi′a die ge-
luid van haar voete hoor toe sy
by die ingang inkom, het hy be-
gin sê: “Kom in, vrou van Je-
ro′beam.[c] Waarom maak jy jou
onherkenbaar terwyl ek met ’n
harde boodskap na jou toe ge-
stuur word? **7** Gaan, sê vir Je-
ro′beam: ‘Só het Jehovah, die
God van Israel, gesê: “Omdat ek
jou onder jou volk uit verhef
het, om jou as ’n leier oor my
volk Israel aan te stel,[d] **8** en
ek die koninkryk van die huis
van Dawid afgeskeur[e] en dit
aan jou gegee het, en jy nie soos
my kneg Dawid geword het nie,
wat my gebooie onderhou het
en my met sy hele hart gevolg
het deur net te doen wat reg
was in my oë,[f] **9** maar jy er-
ger begin handel het as almal
wat voor jou was en jy vir jou
’n ander god[g] en gegote beelde[h]
gaan maak het om my aanstoot
te gee[i] en jy my agter jou rug
gewerp het;[j] **10** kyk, daarom
bring ek rampspoed oor die
huis van Jero′beam, en ek sal
beslis van Jero′beam uitroei
elkeen wat manlik is,[k] ’n hulpe-
lose en waardelose in Israel;[l] en
ek sal inderdaad heeltemal ont-
slae raak van die huis van Je-
ro′beam,[m] net soos ’n mens die
mis wegruim totdat daar niks
van oor is nie.[n] **11** Wie van
Jero′beam in die stad sterf, sal
deur die honde geëet word;[o] en
wie in die veld sterf, sal deur
die voëls van die hemel geëet
word,[a] want Jehovah het dit ge-
spreek.”’
**12** “En jy, staan op, gaan na
jou huis toe. Wanneer jou
voete die stad binnegaan, sal
die kind beslis sterf. **13** En
die hele Israel sal inderdaad
oor hom weeklaag[b] en hom be-
grawe, want van Jero′beam sal
net hy in ’n graf kom; omdat
iets goeds teenoor Jehovah,
die God van Israel, in hom ge-
vind is in die huis van Jero′-
beam.[c] **14** En Jehovah sal be-
slis vir hom ’n koning[d] oor
Israel verwek wat die huis van
Jero′beam op die genoemde dag
sal uitroei, en waarom nie nou
al nie?[e] **15** En Jehovah sal Is-
rael inderdaad slaan, soos die
riet in die water heen en weer
beweeg;[f] en hy sal Israel be-
slis uitruk[g] uit hierdie goeie
land[h] wat hy aan hulle voorva-
ders gegee het, en hy sal hul-
le inderdaad anderkant die Ri-
vier[i] verstrooi,[j] omdat hulle
hulle heilige pale gemaak het[k]
en Jehovah sodoende aanstoot
gegee het.[l] **16** En hy sal Is-
rael opgee[m] weens die sondes
van Jero′beam waarmee hy ge-
sondig het en waarmee hy Is-
rael laat sondig het.”[n]
**17** Daarop het Jero′beam se
vrou opgestaan en weggegaan
en in Tirsa[o] gekom. Toe sy by
die drumpel van die huis kom,
het die seun gesterf. **18** En
hulle het hom begrawe, en die
hele Israel het oor hom ge-
weeklaag, volgens Jehovah se
woord wat hy deur middel van
sy kneg, die profeet Ahi′a, ge-
spreek het.
**19** En die res van die aange-
leenthede van Jero′beam, hoe
hy oorlog gevoer het[p] en hoe hy
regeer het, kyk, dit is opgete-
ken in die kroniekboek[q] van die
konings van Israel. **20** En die

**HFST. 14**

a Ge 27:1; Ge 48:10; De 27:18; 1Sa 3:2; Ps 90:10; Pr 12:3
b Spr 21:30; Jer 32:19; Lu 20:20; Heb 4:13
c Job 5:13; Ps 33:10
d 1Kn 11:31; 1Kn 12:20; 1Kn 16:2
e 1Kn 12:16
f 1Kn 11:33; 1Kn 15:5; Han 13:22
g De 32:16; Ps 96:5; Ps 115:4; Jes 44:9; Jer 10:14
h De 27:15; 2Kr 11:15; Jes 41:29; 1Ko 8:4
i De 9:8; Ps 78:40
j Ne 9:26; Ps 50:17; Ese 23:35
k 1Sa 25:34; 1Kn 16:11; 2Kn 9:8
l De 32:36
m 1Kn 15:29
n 2Kn 21:13
o 1Kn 16:4; 1Kn 21:24

**Tweede kol.**

a 1Sa 17:46; Jer 15:3; Op 19:21
b 1Sa 25:1
c 2Kr 12:12; Ese 18:14
d 1Kn 15:29
e Ps 103:10; Pr 8:11; 2Pe 2:3
f 1Sa 12:25; Jer 15:2
g De 29:28; 2Kn 17:6; Mt 15:13
h De 8:7; Jos 23:15
i 2Sa 8:3
j De 28:64; 2Kn 15:29; 2Kn 18:11
k De 12:3
l 1Kn 14:9
m De 28:63
n 1Kn 12:30; 1Kn 13:34; 1Kn 14:9; Mt 18:7
o Jos 12:24; 1Kn 15:33; 1Kn 16:8
p 2Kr 12:15; 2Kr 13:3
q 1Kn 15:31; 1Kn 16:5; 1Kn 22:39

dae dat Jero′beam regeer het,
was twee-en-twintig jaar, waar-
na hy met sy voorvaders ont-
slaap het;[a] en sy seun Nadab[b]
het in sy plek begin regeer.
21 Wat Reha′beam,[c] die seun
van Salomo, betref, hy het ko-
ning geword in Juda. Reha′be-
am was een-en-veertig jaar oud
toe hy begin regeer het, en hy
het sewentien jaar regeer in
Jerusalem, die stad[d] wat Jeho-
vah uit al die stamme[e] van Is-
rael gekies het om sy naam
daar te vestig.[f] En sy moeder
se naam was Naäma, die Am-
monitiese vrou.[g] 22 En Juda
het bly doen wat sleg was in
die oë van Jehovah,[h] sodat hulle
hom tot jaloesie opgewek het,[i]
meer as alles wat hulle voor-
vaders gedoen het deur hulle
sondes waarmee hulle gesondig
het.[j] 23 En ook hulle het vir
hulle hoogtes[k] en heilige pila-
re[l] en heilige pale[m] bly bou op
elke hoë heuwel[n] en onder elke
blaarryke boom.[o] 24 En daar
was selfs manlike tempelprosti-
tute in die land.[p] Hulle het
gehandel volgens al die verfoei-
like dinge van die nasies wat Je-
hovah voor die kinders van Is-
rael uit verdryf het.[q]
25 En in die vyfde jaar van
koning Reha′beam het Sisak,[r]
die koning van Egipte, teen Je-
rusalem opgetrek. 26 En hy
het die skatte van die huis van
Jehovah en die skatte van die
huis van die koning geneem;[s]
en hy het alles geneem.[t] En
verder het hy al die goue skil-
de geneem wat Salomo gemaak
het.[u] 27 Gevolglik het koning
Reha′beam koperskilde in die
plek daarvan gemaak, en hy
het dit aan die toesig van die
hoofde van die hardlopers toe-
vertrou,[v] die wagte van die in-
gang van die koning se huis.[w]
28 En elke keer as die koning
na die huis van Jehovah gegaan
het, het die hardlopers dit ge-
dra, en hulle het dit na die wag-
kamer van die hardlopers te-
ruggebring.[a]
29 En die res van die aange-
leenthede van Reha′beam en al-
les wat hy gedoen het, is dit nie
opgeteken in die kroniekboek[b]
van die konings van Juda nie?
30 En daar was altyd oorlog
tussen Reha′beam en Jero′be-
am.[c] 31 Uiteindelik het Re-
ha′beam met sy voorvaders ont-
slaap, en hy is by sy voorvaders
in die Stad van Dawid begra-
we.[d] En sy moeder se naam was
Naäma, die Ammonitiese vrou.[e]
En sy seun Abi′am[f] het in sy
plek begin regeer.

15 En in die agtiende jaar
van koning Jero′beam,[g]
die seun van Nebat,[h] het Abi′-
am koning oor Juda geword.[i]
2 Hy het drie jaar in Jerusa-
lem regeer; en sy moeder se
naam was Ma′äga,[j] die klein-
dogter van Abi′salom.[k] 3 En
hy het gewandel in al die sondes
van sy vader wat hy voor hom
gedoen het; en sy hart was nie
volkome[l] met Jehovah sy God,
soos die hart van sy voorvader
Dawid nie.[m] 4 Want weens
Dawid[n] het Jehovah sy God
hom 'n lamp[o] in Jerusalem ge-
gee deur sy seun ná hom te
verwek en Jerusalem te laat
voortbestaan,[p] 5 omdat Da-
wid gedoen het wat reg was
in die oë van Jehovah en hy
al die dae van sy lewe nie af-
gewyk het van enigiets wat Hy
hom beveel het nie,[q] behalwe in
die saak van Uri′a, die Hetiet.[r]
6 En daar was oorlog tussen

HFST. 14
a 2Kr 13:20
Job 14:12
b 1Kn 15:25
c 1Kn 11:43
2Kr 12:1
d 1Kn 8:16
1Kn 11:36
2Kr 12:13
e Ps 78:68
Ps 132:13
f Eks 20:24
De 12:5
g 1Kn 11:1
2Kr 12:13
h Rig 3:7
2Kn 17:19
2Kr 12:1
Jer 3:8
i Eks 34:14
De 4:24
Ps 78:58
Jes 65:2
1Ko 10:22
j Rig 3:7
1Kn 11:7
k De 12:3
l Le 26:1
2Kn 3:2
m 2Kn 21:3
n Jes 65:7
Jer 2:20
Ho 4:13
o De 12:2
2Kr 28:4
Jes 57:5
p De 23:17
1Kn 15:12
1Kn 22:46
q 2Kn 23:7
Ho 4:14
r 1Kn 11:40
2Kr 12:2
s 1Kn 7:51
1Kn 15:18
2Kn 18:15
2Kn 24:13
t 2Kr 12:9
Ps 39:6
u 1Kn 10:17
2Kr 9:15
v 1Sa 8:11
1Sa 22:17
2Sa 15:1
w 2Kr 12:10

Tweede kol.
a 2Kr 12:11
b 1Kn 11:41
1Kn 15:23
1Kr 27:24
2Kr 12:15
c 1Kn 12:24
1Kn 15:6
d 1Kn 11:43
1Kn 15:24
1Kn 22:50
e 1Kn 11:1
2Kr 12:13
f 1Kr 3:10
Mt 1:7

HFST. 15
g 1Kn 12:20
h 1Kn 12:2
i 2Kr 11:22
2Kr 13:1
j 2Kr 11:20
2Kr 13:2
k 2Kr 11:21

l 2Kn 20:3; 2Kr 25:2; 2Kr 31:20; Ps 119:80; m 1Kn 11:4; n 2Sa 7:12; Ps 89:35; Jes 37:35; Jer 33:21; o 1Kn 11:36; 2Kr 21:7; Ps 132:17; Lu 1:69; Lu 2:32; Joh 1:9; Joh 8:12; Op 22:16; p Ps 87:5; q 1Kn 14:8; 2Kn 22:2; r 2Sa 11:4; 2Sa 11:15; Ps 51:Ops.

Reha′beam en Jero′beam, al die
dae van sy lewe.[a]
**7** Wat die res van die aan-
geleenthede van Abi′am be-
tref en alles wat hy gedoen
het, is dit nie opgeteken in
die kroniekboek[b] van die ko-
nings van Juda nie? Daar was
ook oorlog tussen Abi′am en
Jero′beam.[c] **8** Uiteindelik het
Abi′am met sy voorvaders ont-
slaap, en hulle het hom in die
Stad van Dawid begrawe;[d] en sy
seun Asa[e] het in sy plek begin
regeer.
**9** In die twintigste jaar van
Jero′beam, die koning van Is-
rael, het Asa as koning van
Juda regeer. **10** En hy het
een-en-veertig jaar in Jerusa-
lem regeer; en sy grootmoeder
se naam was Ma′äga,[f] die klein-
dogter van Abi′salom.[g] **11** En
Asa het gedoen wat reg was
in die oë van Jehovah, soos sy
voorvader Dawid.[h] **12** En hy
het die manlike tempelprostitu-
te uit die land laat verdwyn[i] en
al die drekgode[j] verwyder wat
sy voorvaders gemaak het.[k]
**13** Selfs sy grootmoeder Ma′ä-
ga[l] het hy uit haar posisie as
dame verwyder,[m] omdat sy ’n
afstootlike afgod vir die hei-
lige paal gemaak het; waarna
Asa haar afstootlike afgod om-
gekap[n] en in die Kidronstroom-
vallei[o] verbrand het.[p] **14** En
die hoogtes[q] het hy nie ver-
wyder nie.[r] Nietemin was Asa
se hart al sy dae volkome met
Jehovah.[s] **15** En hy het die
dinge wat sy vader geheilig het
en die dinge wat hý geheilig
het, in die huis van Jehovah be-
gin inbring, silwer en goud en
voorwerpe.[t]
**16** En daar was oorlog tus-
sen Asa en Baäsa,[u] die ko-
ning van Israel, al hulle dae.
**17** En Baäsa, die koning van Is-
rael, het teen Juda opgetrek en
Rama begin bou,[a] om niemand
te laat uitgaan of inkom na
Asa, die koning van Juda, nie.[b]
**18** Daarop het Asa al die silwer
en die goud geneem wat in die
skatte van die huis van Jeho-
vah en die skatte van die huis
van die koning oorgebly het en
dit in die hand van sy knegte
gesit; en koning Asa het hul-
le toe na Ben-Hadad,[c] die seun
van Tabrim′mon, die seun van
Hes′jon, die koning van Sirië,[d]
wat in Damaskus[e] gewoon het,
gestuur om te sê: **19** “Daar is
’n verbond tussen my en u, tus-
sen my vader en u vader. Kyk,
ek het u ’n geskenk[f] van sil-
wer en goud gestuur. Kom, ver-
breek tog u verbond met Baä-
sa, die koning van Israel, sodat
hy van my af kan wegtrek.”[g]
**20** Toe het Ben-Hadad na ko-
ning Asa geluister en die hoof-
de van sy krygsmag teen die
stede van Israel gestuur en
Ijon[h] en Dan[i] en A′bel-Bet-
Ma′äga[j] en die hele Kinne′ret
verslaan, tot by die hele land
van Naf′tali.[k] **21** En toe Baä-
sa daarvan hoor, het hy onmid-
dellik opgehou om Rama te bou[l]
en in Tirsa[m] gebly. **22** En wat
koning Asa betref, hy het die
hele Juda opgeroep[n]—niemand
was vrygestel nie—en hulle het
die klippe van Rama en die
balke daarvan, waarmee Baäsa
gebou het, weggedra; en koning
Asa het daarmee Geba[o] in Ben-
jamin, en Mispa,[p] begin bou.
**23** Wat die res van al die aan-
geleenthede van Asa betref en
al sy magtige dade en alles wat
hy gedoen het en die stede wat
hy gebou het, is dit nie opge-
teken in die kroniekboek[q] van
die konings van Juda nie? Maar

q 1Kn 14:29; 2Kr 16:11.

**HFST. 15**
a 1Kn 14:30; 2Kr 12:15
b 2Kr 13:22
c 2Kr 13:3
d 2Kr 14:1
e 1Kr 3:10; Mt 1:7
f 1Kn 15:2; 2Kr 11:20; 2Kr 13:2
g 1Kn 15:2; 2Kr 11:21
h 2Kr 14:2; 2Kr 14:11; 2Kr 15:17
i De 23:17; 1Kn 14:24; 1Kn 22:46; 1Ko 6:9
j Eks 20:4; 2Kr 14:3; Jer 10:14
k 1Kn 11:7; 1Kn 14:23; Ese 20:18
l 2Kr 11:20
m De 13:6; 2Kr 15:16; Sag 13:3; Mt 10:37; Lu 12:53
n De 7:5; 2Kn 18:4; 2Kr 34:4
o 2Sa 15:23; Joh 18:1
p De 9:21
q Nu 33:52; De 12:2; 1Kn 22:43
r 1Sa 9:12
s 1Kn 8:61; 2Kr 15:17
t 1Kr 26:26; 2Kr 15:18
u 1Kn 15:32; 1Kn 16:3; 1Kn 16:12; 2Kr 16:3

**Tweede kol.**
a Jos 18:25; 2Kr 16:1
b 1Kn 12:27; 2Kr 11:14
c 2Kr 16:2
d 2Kr 16:7; 2Kr 16:9
e Ge 15:2; 1Kn 11:24; Jer 49:27; Am 1:5
f Spr 17:8
g 2Kr 16:3
h 2Kn 15:29
i Rig 18:29; 1Kn 12:29
j 2Sa 20:14
k 2Kr 16:4
l 2Kr 16:5
m 1Kn 14:17; Hgl 6:4
n 2Kr 16:6
o Jos 18:24; Jos 21:17
p Jos 18:26; Rig 20:1; 1Sa 7:5; Jer 40:6

toe hy oud word,[a] het hy ’n
kwaal aan sy voete ontwikkel.[b]
**24** Uiteindelik het Asa met sy
voorvaders ontslaap,[c] en hy is
by sy voorvaders begrawe in die
Stad van Dawid, sy voorvader;[d]
en sy seun Jo′safat[e] het in sy
plek begin regeer.

**25** Wat Nadab,[f] die seun van
Jero′beam, betref, hy het ko-
ning oor Israel geword in die
tweede jaar van Asa, die ko-
ning van Juda; en hy het twee
jaar oor Israel regeer. **26** En
hy het bly doen wat sleg was[g]
in die oë van Jehovah en het
gewandel in die weg van sy va-
der[h] en in sy sonde waarmee hy
Israel laat sondig het.[i] **27** En
Baäsa,[j] die seun van Ahi′a,
van die huis van Is′saskar, het
’n sameswering teen hom begin
smee; en Baäsa het hom dood-
gemaak by Gib′beton,[k] wat aan
die Filistyne behoort het, ter-
wyl Nadab en die hele Israel
Gib′beton beleër het. **28** So
het Baäsa hom in die derde jaar
van Asa, die koning van Juda,
doodgemaak en in sy plek be-
gin regeer.[l] **29** En onmiddel-
lik nadat hy koning geword het,
het hy die hele huis van Jero′be-
am uitgeroei. Hy het van Jero′-
beam niemand laat oorbly wat
asemhaal nie totdat hy hulle
verdelg het, volgens Jehovah se
woord wat hy deur middel van
sy kneg Ahi′a, die Siloniet,[m] ge-
spreek het, **30** weens die son-
des van Jero′beam waarmee hy
gesondig het[n] en waarmee hy
Israel laat sondig het en oor sy
aanstootlikheid waarmee hy Je-
hovah, die God van Israel, aan-
stoot gegee het.[o] **31** Wat die
res van die aangeleenthede van
Nadab betref en alles wat hy
gedoen het, is dit nie opgete-
ken in die kroniekboek[p] van die
konings van Israel nie? **32** En
daar was oorlog tussen Asa en
Baäsa, die koning van Israel, al
hulle dae.[a]

**33** In die derde jaar van Asa,
die koning van Juda, het Baäsa,
die seun van Ahi′a, koning oor
die hele Israel geword in Tir-
sa, vier-en-twintig jaar lank.[b]
**34** En hy het bly doen wat sleg
was in die oë van Jehovah[c] en
het gewandel in die weg van Je-
ro′beam[d] en in sy sonde waar-
mee hy Israel laat sondig het.[e]

**16** Die woord van Jehovah
het toe gekom tot Jehu,[f]
die seun van Hana′ni,[g] teen
Baäsa, en gesê: **2** “Aangesien
ek jou uit die stof verhef het[h]
om jou as leier oor my volk Is-
rael aan te stel,[i] maar jy in
die weg van Jero′beam gewan-
del het[j] en so my volk Israel
laat sondig het deur my met
hulle sondes aanstoot te gee,[k]
**3** kyk, daarom raak ek heel-
temal ontslae van Baäsa en
sy huis, en ek sal beslis sy
huis soos die huis van Jero′be-
am, die seun van Nebat, maak.[l]
**4** Enigiemand van Baäsa wat in
die stad sterf, sal deur die hon-
de geëet word; en enigiemand
van hom wat in die veld sterf,
sal deur die voëls van die hemel
geëet word.”[m]

**5** Wat die res van die aange-
leenthede van Baäsa betref en
wat hy gedoen het en sy mag-
tige dade, is dit nie opgeteken
in die kroniekboek[n] van die ko-
nings van Israel nie? **6** Uit-
eindelik het Baäsa met sy voor-
vaders ontslaap, en hy is in
Tirsa begrawe;[o] en sy seun Ela
het in sy plek begin regeer.
**7** En ook deur middel van Jehu,
die seun van Hana′ni, die pro-
feet, het Jehovah se woord teen
Baäsa en sy huis gekom,[p] weens
al die kwaad wat hy in die oë
van Jehovah gedoen het deur

**HFST. 15**
a Ps 90:10
b 2Kr 16:12, Pr 12:1
c 2Kr 16:13
d 2Kr 16:14
e 1Kn 22:42, 2Kr 17:4, 2Kr 18:1, 2Kr 19:4, 2Kr 20:25, Mt 1:8
f 1Kn 14:20
g 1Kn 14:9, 1Kn 16:7, 1Kn 16:25, 1Kn 16:30
h 1Kn 12:28, 1Kn 13:33
i 1Kn 12:30, 1Kn 14:16
j 1Kn 15:16
k Jos 19:44, Jos 21:23, 1Kn 16:15
l 1Kn 14:6
m 1Kn 14:10, Ps 21:10
n 1Kn 14:9
o Jer 7:19
p 1Kn 14:19

**Tweede kol.**
a 2Kr 12:15
b 1Kn 16:8
c 1Kn 16:7
d 1Kn 12:28, 1Kn 13:33
e 1Kn 14:9, Jes 1:4

**HFST. 16**
f 2Kr 19:2, 2Kr 20:34
g 2Kr 16:7
h 1Sa 2:8, Ps 113:7
i Ps 75:7, Lu 1:52
j 1Kn 13:33
k 1Kn 14:16
l 1Kn 14:10, 1Kn 15:29
m 1Kn 14:11, Job 21:19
n 1Kn 14:19, 1Kn 15:31
o 1Kn 15:21, 1Kn 15:33
p Eks 20:5, Eks 34:7

hom met die werk van sy han-
de[a] aanstoot te gee,[b] sodat dit
soos die huis van Jero′beam sou
word, en ook omdat hy hom
doodgemaak het.[c]
**8** In die ses-en-twintigste
jaar van Asa, die koning van Ju-
da, het Ela, die seun van Baä-
sa, koning oor Israel geword in
Tirsa, twee jaar lank. **9** En sy
kneg Simri,[d] die hoof van die
helfte van die strydwaens, het
’n sameswering teen hom begin
smee, terwyl hy hom dronk ge-
drink[e] het in Tirsa, in die huis
van Arsa, wat oor die huishou-
ding[f] in Tirsa was. **10** En Sim-
ri het ingekom en hom neerge-
slaan[g] en hom doodgemaak in
die sewe-en-twintigste jaar van
Asa, die koning van Juda, en
hy het in sy plek begin regeer.
**11** En toe hy begin regeer, on-
middellik nadat hy op sy troon
gaan sit het, het hy die hele
huis van Baäsa uitgeroei. Hy
het van hom niemand laat oor-
bly wat manlik is nie,[h] ook nie
sy bloedwrekers[i] of sy vriende
nie. **12** So het Simri die hele
huis van Baäsa verdelg,[j] vol-
gens die woord van Jehovah[k]
wat hy deur middel van die pro-
feet Jehu teen Baäsa gespreek
het,[l] **13** weens al die sondes
van Baäsa en die sondes van
sy seun Ela[m] waarmee hulle ge-
sondig het en waarmee hulle Is-
rael laat sondig het deur Je-
hovah, die God van Israel, met
hulle nietige afgode aanstoot te
gee.[n] **14** Wat die res van die
aangeleenthede van Ela betref
en alles wat hy gedoen het, is
dit nie opgeteken in die kro-
niekboek[o] van die konings van
Israel nie?
**15** In die sewe-en-twintigste
jaar van Asa, die koning van
Juda, het Simri koning geword
in Tirsa, sewe dae lank,[p] ter-
wyl die manskappe kamp opge-
slaan het teen Gib′beton,[a] wat
aan die Filistyne behoort het.
**16** Na verloop van tyd het die
manskappe wat kamp opge-
slaan het, gehoor dat daar ge-
sê word: “Simri het ’n sameswe-
ring gesmee en ook die koning
doodgemaak.” Toe het die hele
Israel Omri,[b] die leërhoof, dié
dag in die kamp koning oor Is-
rael gemaak. **17** Omri en die
hele Israel saam met hom het
toe van Gib′beton af opgetrek
en Tirsa begin beleër.[c] **18** En
net toe Simri sien dat die stad
ingeneem is, het hy in die woon-
toring van die koning se huis
ingegaan en die koning se huis
bo-op hom met vuur verbrand,
sodat hy gesterf het,[d] **19** vir
sy sondes waarmee hy gesondig
het deur te doen wat sleg was
in die oë van Jehovah[e] deur te
wandel in die weg van Jero′be-
am en in sy sonde wat hy ge-
doen het deur Israel te laat son-
dig.[f] **20** Wat die res van die
aangeleenthede van Simri be-
tref en sy sameswering wat hy
gesmee het, is dit nie opgeteken
in die kroniekboek[g] van die ko-
nings van Israel nie?
**21** Toe het die volk Israel
hulle in twee dele verdeel.[h] Een
deel van die volk het Tibni, die
seun van Ginat, begin volg om
hom koning te maak, en die an-
der deel het Omri begin volg.
**22** Uiteindelik het die volk wat
Omri gevolg het, die volk oor-
win wat Tibni, die seun van Gi-
nat, gevolg het, sodat Tibni ge-
sterf het en Omri begin regeer
het.
**23** In die een-en-dertigste
jaar van Asa, die koning van
Juda, het Omri koning oor Is-
rael geword, twaalf jaar lank.
In Tirsa het hy ses jaar regeer.
**24** En hy het die berg Samari′a

**HFST. 16**
a Ps 115:4; Jes 2:8; Jes 44:9
b 1Kn 16:13
c 1Kn 14:14; 1Kn 15:27
d 2Kn 9:31
e Spr 20:1; Spr 31:4; Lu 21:34
f Ge 24:2; Ge 39:4
g 2Kn 9:31
h 1Sa 25:22; 1Kn 14:10; 2Kn 9:8
i Nu 35:19; Nu 35:31
j Ps 9:5; Ps 109:13
k 1Kn 16:3
l 1Kn 16:1
m 1Kn 16:6
n De 32:21; 1Sa 12:21; 2Kn 17:15; Jes 41:29; Jer 10:14; Han 14:15; Ro 1:23; 1Ko 8:4; 1Ko 10:19
o 1Kn 14:19
p Job 20:5

**Tweede kol.**
a Jos 19:44; Jos 21:23; 1Kn 15:27
b 2Kn 8:26; Spr 28:2; Mi 6:16
c De 20:19
d Rig 9:54; 1Sa 31:4; 2Sa 17:23; Mt 27:5
e 1Kn 15:30; Ps 9:16
f 1Kn 12:28; 1Kn 14:9
g 1Kn 14:19; 1Kn 15:31; 1Kn 16:5; 1Kn 22:39
h Spr 28:2; Mt 12:25

vir twee talente silwer van Se-
mer gekoop, en hy het op die
berg begin bou en het die stad
wat hy gebou het, Samari′a[a] ge-
noem, na die naam van Semer,
die heer van die berg. **25** En
Omri het bly doen wat sleg was
in die oë van Jehovah en het er-
ger dinge gedoen as almal wat
voor hom was.[b] **26** En hy het
gewandel in al die weë van Je-
ro′beam, die seun van Nebat,[c]
en in sy sonde waarmee hy Is-
rael laat sondig het deur Je-
hovah, die God van Israel, met
hulle nietige afgode aanstoot te
gee.[d] **27** Wat die res van die
aangeleenthede van Omri be-
tref, wat hy gedoen het en sy
magtige dade wat hy verrig het,
is dit nie opgeteken in die kro-
niekboek[e] van die konings van
Israel nie? **28** Uiteindelik het
Omri met sy voorvaders ont-
slaap, en hy is in Samari′a be-
grawe; en sy seun Agab[f] het in
sy plek begin regeer.

**29** En wat Agab, die seun
van Omri, betref, hy het in die
agt-en-dertigste jaar van Asa,
die koning van Juda, koning
oor Israel geword; en Agab, die
seun van Omri, het twee-en-
twintig jaar in Samari′a[g] oor Is-
rael regeer. **30** En Agab, die
seun van Omri, het erger dinge
gedoen in die oë van Jeho-
vah as almal wat voor hom
was.[h] **31** En asof dit vir hom
die onbeduidendste[i] ding was
om in die sondes van Jero′be-
am,[j] die seun van Nebat, te
wandel, het hy toe Ise′bel,[k]
die dogter van Et′baäl, die ko-
ning van die Sidoniërs,[l] as vrou
geneem[m] en Baäl begin dien[n]
en hom voor hom neergebuig.
**32** Verder het hy vir Baäl ’n al-
taar opgerig in die huis[o] van
Baäl wat hy in Samari′a gebou
het. **33** Agab het ook die hei-
lige paal gemaak;[a] en Agab het
meer gedoen om Jehovah, die
God van Israel, aanstoot te gee[b]
as al die konings van Israel wat
voor hom was.

**34** In sy dae het Hiël, van
Bet-El, Je′rigo gebou. Ten kos-
te van Abi′ram, sy eersgebore-
ne, het hy sy fondament gelê,
en ten koste van Segub, sy jong-
ste, het hy sy deure ingesit, vol-
gens Jehovah se woord wat hy
deur middel van Josua, die seun
van Nun, gespreek het.[c]

**17** En Eli′a,[d] die Tisbiet, uit
die inwoners van Gi′le-
ad,[e] het vir Agab gesê: “So waar
as Jehovah, die God van Israel,
lewe,[f] voor wie ek staan,[g] daar
sal gedurende hierdie jare geen
dou of reën val nie,[h] behalwe op
bevel van my woord!”[i]

**2** Die woord[j] van Jehovah
het toe tot hom gekom en ge-
sê: **3** “Gaan hiervandaan weg,
en jy moet jou na die ooste toe
draai en jou by die Keritstroom-
vallei versteek[k] wat oos van die
Jordaan is. **4** En jy moet uit
die stroomvallei drink,[l] en ek
sal beslis die rawe[m] beveel om
jou daar van voedsel te voor-
sien.”[n] **5** Onmiddellik het hy
gegaan en gehandel volgens
die woord van Jehovah,[o] en hy
het toe by die Keritstroomval-
lei gaan woon wat oos van die
Jordaan is. **6** En die rawe het
soggens vir hom brood en vleis
gebring en saans brood en vleis,
en hy het uit die stroomvallei
bly drink.[p] **7** Maar na verloop
van etlike dae het die stroom-
vallei opgedroog,[q] omdat daar
geen stortreën op die aarde ge-
val het nie.

**8** Die woord van Jehovah het
toe tot hom gekom en gesê:[r]

**HFST. 16**
a 1Kn 20:1; 1Kn 22:37; 2Kn 17:24; Am 6:1; Han 8:5
b 1Kn 14:9; Mi 6:16
c 1Kn 12:28; 1Kn 13:33
d 1Kn 16:13
e 1Kn 14:19
f 1Kn 16:33; 1Kn 21:4; 1Kn 21:21; 2Kn 10:1; 2Kr 18:1
g 1Kn 16:24; 1Kn 20:10; Jes 7:9
h 1Kn 16:25; 1Kn 21:25; 2Kn 3:2
i Sef 3:2
j 1Kn 12:28
k 1Kn 18:4; 1Kn 18:19; 1Kn 19:1; 1Kn 21:7; 1Kn 21:25; 2Kn 9:30; Op 2:20
l Ge 10:15; 1Kn 11:1
m De 7:3; Jos 23:12
n Rig 2:11; Rig 10:6; 2Kn 10:19; 2Kn 17:16
o 2Kn 10:21; 2Kn 10:27

**Tweede kol.**
a Eks 34:13; 2Kn 10:26; 2Kn 13:6
b 1Kn 14:9
c Jos 6:26; Jos 23:14; Sag 1:6

**HFST. 17**
d 1Kn 17:16; 1Kn 17:22; 1Kn 18:36; 1Kn 18:46; 2Kn 2:8; 2Kn 2:11; 2Kr 21:12; Lu 1:17; Joh 1:21
e Jos 22:9; 2Kn 10:33
f De 6:13; 1Sa 19:6; 1Kn 22:14; 2Kn 3:14; Jer 12:16
g De 10:8; Lu 1:19
h Le 26:21; De 28:23
i Jer 14:22; Lu 4:25; Jak 5:17
j Nu 12:6
k Ps 31:20; Ps 83:3
l Ps 110:7
m Ps 147:9; Ro 8:28

**n** Ps 37:5; Ps 37:25; Mt 6:11; 2Pe 2:9; **o** Ps 119:60; Spr 3:5; **p** Nu 11:23; Rig 15:19; Ps 37:19; **q** 1Kn 18:5; Job 6:15; **r** Ps 36:10.

**9** “Staan op, gaan na Sarfat,[a]
wat aan Sidon behoort, en jy
moet daar woon. Kyk! Ek sal ’n
vrou, ’n weduwee, daar beslis
beveel om jou van voedsel te
voorsien.” **10** Toe het hy op-
gestaan en na Sarfat gegaan en
by die ingang van die stad ge-
kom; en kyk! ’n vrou, ’n wedu-
wee, het daar stukke hout by-
mekaargemaak. Toe het hy na
haar geroep en gesê: “Gaan
haal asseblief vir my ’n slukkie
water in ’n houer sodat ek kan
drink.”[b] **11** Toe sy dit gaan
haal, het hy na haar geroep en
gesê: “Bring asseblief vir my
’n stukkie brood[c] in jou hand
saam.” **12** Hierop het sy ge-
sê: “So waar as Jehovah u God
lewe,[d] ek het geen ronde koek
nie,[e] net ’n hand vol[f] meel in die
groot kruik en ’n bietjie olie[g] in
die klein kruik; en kyk, ek
maak ’n paar stukke hout by-
mekaar, en ek moet ingaan en
vir my en my seun iets maak, en
ons sal dit moet eet en sterf.”[h]

**13** Toe het Eli′a vir haar ge-
sê: “Moenie bang wees nie.[i]
Gaan in, doen volgens jou
woord. Maar maak van wat
daar is eers vir my ’n klein ron-
de koek,[j] en jy moet dit na my
toe uitbring, en daarna kan jy
vir jou en jou seun iets maak.
**14** Want só het Jehovah, die
God van Israel, gesê: ‘Die groot
kruik meel sal nie opraak nie,
en die klein kruik olie sal nie
leegraak nie tot die dag dat Je-
hovah ’n stortreën op die op-
pervlak van die aarde gee.’ ”[k]
**15** Toe het sy gegaan en ge-
doen volgens Eli′a se woord; en
sy het dae lank geëet, sy saam
met hom en haar huisgesin.[l]
**16** Die groot kruik meel het
nie opgeraak nie, en die klein
kruik olie het nie leeggeraak
nie,[m] volgens Jehovah se woord
wat hy deur middel van Eli′a ge-
spreek het.

**17** En ná hierdie dinge het
die seun van die vrou, die mees-
teres van die huis, siek geword,
en sy siekte het so ernstig ge-
word dat daar geen asem in hom
oorgebly het nie.[a] **18** Hierop
het sy vir Eli′a gesê: “Wat het
ek met u te doen,[b] o man van die
ware God? U het na my toe ge-
kom om my oortreding in her-
innering te bring[c] en om my
seun dood te maak.” **19** Maar
hy het vir haar gesê: “Gee jou
seun vir my.” Toe het hy hom
van haar boesem geneem en
hom opgedra na die dakver-
trek,[d] waar hy gewoon het, en
hom op sy slaapbank neerge-
lê.[e] **20** En hy het Jehovah be-
gin aanroep en gesê: “O Jeho-
vah my God,[f] moet u ook oor die
weduwee by wie ek as ’n vreem-
deling woon, kwaad bring deur
haar seun dood te maak?”
**21** En hy het hom drie keer
oor die kind uitgestrek[g] en Je-
hovah aangeroep en gesê: “O
Jehovah my God, laat die siel[h]
van hierdie kind asseblief in
hom terugkeer.” **22** Uiteinde-
lik het Jehovah na Eli′a se stem
geluister,[i] sodat die siel van die
kind in hom teruggekeer het en
hy lewend geword het.[j] **23** En
Eli′a het die kind geneem en
hom uit die dakvertrek afge-
bring in die huis in en hom
vir sy moeder gegee; en Eli′a
het toe gesê: “Kyk, jou seun le-
we.”[k] **24** Daarop het die vrou
vir Eli′a gesê: “Nou weet ek in-
derdaad dat u ’n man van God[l]
is en dat Jehovah se woord in u
mond waar is.”[m]

**18** En ná baie dae[n] het Jeho-
vah se woord in die der-
de jaar tot Eli′a gekom en gesê:
“Gaan, vertoon jou aan Agab,
aangesien ek vasbeslote is om

**HFST. 17**
a Ob 20
Lu 4:26
b Ge 24:17
Mt 10:42
Joh 4:7
Heb 11:37
c Ge 18:5
d De 6:13
Jer 4:2
e Ge 18:6
f Mt 15:33
g 2Kn 4:2
h Klg 4:9
i Jes 41:10
j Spr 3:9
Mt 19:21
1Pe 1:7
k Ps 34:10
Spr 3:10
Flp 4:19
l 2Kr 20:20
Mt 10:41
Lu 4:25
m Ps 37:19
Spr 11:24
Lu 18:27
2Ko 9:10

**Tweede kol.**
a Ge 2:7
2Kn 4:20
Job 34:14
Pr 9:11
b 2Sa 16:10
2Sa 19:22
2Kn 3:13
Mt 8:29
Mr 1:24
Joh 2:4
c Job 13:26
d 2Kn 4:10
Han 9:37
e 2Kn 4:21
2Kn 4:32
f 1Kn 18:36
Ps 99:6
Mt 21:22
g 2Kn 4:34
Han 20:10
h Ge 35:18
Jer 15:9
i Ps 65:2
Spr 15:8
Han 9:40
Heb 11:19
Jak 5:16
j De 32:39
1Sa 2:6
2Kn 4:34
2Kn 13:21
Lu 7:15
Lu 8:55
Joh 5:28
Joh 11:44
Han 9:41
Han 20:10
Ro 14:9
k Heb 11:35
l Joh 3:2
m 1Te 2:13
1Jo 2:21

**HFST. 18**
n Lu 4:25
Jak 5:17

reën op die oppervlak van die
aarde te gee.”[a] **2** Daarop het
Eli′a gegaan om hom aan Agab
te vertoon, terwyl die honger-
snood swaar was[b] in Samari′a.

**3** Intussen het Agab Obad′-
ja geroep, wat oor die huis-
houding was.[c] (En Obad′ja was
iemand wat Jehovah baie ge-
vrees het.[d] **4** Daarom het
Obad′ja, toe Ise′bel[e] Jehovah se
profete uitgeroei het,[f] honderd
profete geneem en hulle vyftig-
vyftig in ’n grot weggesteek, en
hy het hulle van brood en wa-
ter voorsien.)[g] **5** En Agab het
vir Obad′ja gesê: “Trek deur die
land na al die waterfonteine en
na al die stroomvalleie. Miskien
kan ons groen gras vind,[h] so-
dat ons die perde en muile aan
die lewe kan hou en daar nie
nog meer van die diere uitge-
roei word nie.”[i] **6** Toe het hul-
le die land tussen hulle verdeel
om daardeur te trek. Agab het
alleen met een pad gegaan, en
Obad′ja het alleen met ’n ander
pad gegaan.[j]

**7** Terwyl Obad′ja voortge-
gaan het op die pad, kyk, toe
het Eli′a hom tegemoetgekom.[k]
Hy het hom dadelik herken en
op sy gesig geval[l] en gesê: “Is
dit u, my heer[m] Eli′a?” **8** Hier-
op het hy vir hom gesê: “Dit is
ek. Gaan, sê vir jou heer:[n] ‘Eli′a
is hier.’ ” **9** Maar hy het gesê:
“Watter sonde[o] het ek begaan
dat u u kneg in die hand van
Agab sou gee om my dood te
maak? **10** So waar as Jehovah
u God lewe,[p] daar is geen na-
sie of koninkryk waarheen my
heer nie gestuur het om u te
soek nie. Nadat hulle gesê het:
‘Hy is nie hier nie’, het hy
die koninkryk en die nasie laat
sweer dat hulle u nie kon vind
nie.[q] **11** En nou sê u: ‘Gaan,
sê vir jou heer: “Eli′a is hier.” ’
**12** En wanneer ek van u af
weggaan, sal die gees[a] van Je-
hovah u sekerlik wegvoer son-
der dat ek sal weet waarheen;
en ek sal Agab gaan vertel, en
hy sal u nie vind nie, en hy sal
my sekerlik doodmaak,[b] aange-
sien u kneg Jehovah van sy jeug
af gevrees het.[c] **13** Is daar nie
aan my heer vertel wat ek ge-
doen het toe Ise′bel die profe-
te van Jehovah doodgemaak
het nie, hoe ek van die profe-
te van Jehovah weggesteek het,
honderd man vyftig-vyftig in ’n
grot,[d] en hulle van brood en wa-
ter bly voorsien het?[e] **14** En
nou sê u: ‘Gaan, sê vir jou heer:
“Eli′a is hier.” ’ En hy sal my
sekerlik doodmaak.”[f] **15** Eli′a
het egter gesê: “So waar as Je-
hovah van die leërs[g] lewe[h] voor
wie ek staan, vandag sal ek my
aan hom vertoon.”

**16** Daarop het Obad′ja Agab
tegemoetgegaan en hom dit
vertel; en toe het Agab Eli′a te-
gemoetgegaan.

**17** En toe Agab Eli′a sien, het
Agab onmiddellik vir hom gesê:
“Is dit jy, jy wat Israel in die on-
geluk stort?”[i]

**18** Hierop het hy gesê: “Ek
het Israel nie in die ongeluk ge-
stort nie,[j] maar u en die huis
van u vader het,[k] deurdat jul-
le die gebooie van Jehovah ver-
laat het[l] en die Baäls gaan
volg het.[m] **19** En stuur dan
nou, laat die hele Israel by my
bymekaarkom op die berg Kar-
mel,[n] en ook die vierhonderd-
en-vyftig profete van Baäl[o] en
die vierhonderd profete van die
heilige paal,[p] wat aan die tafel
van Ise′bel[q] eet.” **20** En Agab
het onder al die kinders van Is-
rael gestuur en die profete[r] op
die berg Karmel bymekaar laat
kom.

**HFST. 18**
a Ps 65:9; Ps 65:10; Jer 14:22; Mt 5:45
b Le 26:26; De 28:24; Klg 4:9
c Ge 24:2; Ge 39:4
d Spr 8:13; Spr 14:26; Mal 3:16; Han 10:2
e 1Kn 16:31
f Ne 9:26; Ps 105:15
g Spr 19:17; Mt 10:42
h Ps 104:14
i Jer 14:5; Jl 1:18
j Jer 14:3
k 2Kn 1:8
l 1Sa 25:23
m 2Kn 8:12
n 1Pe 2:17
o 1Kn 17:18
p De 6:13; 1Kn 1:29
q 1Kn 17:3; 1Kn 17:9

**Tweede kol.**
a 2Kn 2:16; Ese 3:12; Mt 4:1; Han 8:39
b Spr 16:14
c Ps 18:21; Ps 71:17; Spr 8:13; Pr 7:18; Pr 12:1; Jes 50:10
d 1Kn 18:4
e Mt 25:35
f Spr 22:3
g 1Sa 4:4; Ps 24:10
h De 6:13; Jes 49:18
i Han 24:13; 2Pe 2:10; Jud 8
j Jos 7:25
k Ese 3:8
l Eks 20:4; 1Kn 9:9; Jer 2:13
m 1Kn 16:31
n Jos 19:26; 2Kn 2:25; Jer 46:18; Am 1:2
o Ese 13:3
p 1Kn 16:33
q 1Kn 19:1
r 1Kn 22:6

**21** Toe het Eli′a nader gekom
na die hele volk toe en gesê:
“Hoe lank sal julle op twee ver-
skillende gedagtes hink?[a] As
Jehovah die ware God is, gaan
volg hom;[b] maar as dit Baäl is,
gaan volg hom.” En die volk het
hom nie ’n woord geantwoord
nie. **22** En Eli′a het verder
vir die volk gesê: “Ek het as
profeet van Jehovah oorgebly,[c]
ek alleen, terwyl die profete
van Baäl vierhonderd-en-vyftig
man is. **23** Laat hulle dan nou
vir ons twee jong bulle gee, en
laat hulle vir hulle een jong bul
kies en dit in stukke sny en op
die hout sit, maar hulle moet
dit nie aan die brand steek nie.
En ek sal die ander jong bul ge-
reedmaak, en ek sal dit op die
hout sit, maar ek sal dit nie aan
die brand steek nie. **24** En jul-
le moet die naam van julle god
aanroep,[d] en ék sal die naam
van Jehovah aanroep; en die
ware God wat deur vuur[e] ant-
woord, is die ware God.”[f] Hier-
op het die hele volk geantwoord
en gesê: “Die saak is goed.”

**25** Eli′a het toe vir die profe-
te van Baäl gesê: “Kies vir julle
een jong bul en maak dit eerste
gereed, want julle is die mees-
te; en roep die naam van jul-
le god aan, maar julle mag nie
vuur maak nie.” **26** Daarop
het hulle die jong bul geneem
wat hy hulle gegee het. Toe het
hulle dit gereedgemaak, en hul-
le het van die oggend tot die
middaguur die naam van Baäl
bly aanroep en gesê: “O Baäl,
antwoord ons!” Maar daar was
geen stem nie,[g] en niemand
het geantwoord nie.[h] En hulle
het bly strompel om die altaar
wat hulle gemaak het. **27** En
op die middaguur het Eli′a die
spot met hulle begin dryf[i] en
gesê: “Roep so hard soos julle
kan, want hy is ’n god;[a] want
hy moet met iets besig wees, en
hy het ontlasting[b] en moet na
die gemakhuisie gaan.[c] Of mis-
kien slaap hy en moet hy wak-
ker word!”[d] **28** En hulle het
begin om so hard soos hulle kon
te roep en hulle volgens hulle
gebruik met dolke en met lanse
te sny,[e] totdat hulle die bloed op
hulle laat uitvloei het. **29** En
toe die middaguur verby was en
hulle hulle soos profete bly ge-
dra het[f] totdat die graanoffer
gebring word, was daar nog
geen stem nie, en niemand het
geantwoord nie, en daar is geen
aandag geskenk nie.[g]

**30** Eindelik het Eli′a vir die
hele volk gesê: “Kom nader na
my toe.” Daarop het die hele
volk nader gekom na hom toe.
Toe het hy die altaar van Jeho-
vah herstel wat afgebreek was.[h]
**31** En Eli′a het twaalf klippe
geneem, volgens die getal van
die stamme van die kinders van
Jakob, tot wie Jehovah se woord
gekom[i] en gesê het: “Israel sal
jou naam word.”[j] **32** En hy
het met die klippe ’n altaar in
die naam van Jehovah[k] gebou[l]
en rondom die altaar ’n sloot ge-
maak met ’n oppervlakte onge-
veer so groot soos dié wat met
twee sea saad besaai kon word.
**33** Daarna het hy die stukke
hout[m] reggesit en die jong bul
in stukke gesny en op die stuk-
ke hout gesit. Hy het toe gesê:
“MAAK vier groot kruike vol wa-
ter en gooi dit uit op die brand-
offer en op die stukke hout.”
**34** Toe het hy gesê: “Doen dit
weer.” En hulle het dit weer ge-
doen. Maar hy het gesê: “Doen
dit ’n derde keer.” En hulle
het dit ’n derde keer gedoen.
**35** So het die water rondom die
altaar geloop, en ook die sloot
het hy vol water gemaak.

**HFST. 18**
a De 4:35; 2Kn 17:41; Jes 42:8; Jer 2:11; Ho 10:2; Mt 12:30; 1Ko 10:21; 2Ko 6:14
b Eks 20:5; Jos 24:15; 1Sa 7:3; Ps 100:3
c 1Kn 19:10
d Rig 6:31
e De 4:24
f Le 9:24; Rig 6:21; 1Kr 21:26; 2Kr 7:1
g Ps 115:7
h Ps 115:5; Ps 135:16; Jes 44:18; Jes 45:20; Jer 10:5; Da 5:23; Hab 2:18; 1Ko 8:4; 1Ko 10:19; 1Ko 12:2
i Jer 10:15

**Tweede kol.**
a Jes 41:23
b Mt 15:17
c Rig 3:24; 1Sa 24:3
d Ps 121:4; Ps 135:17; Jes 40:28
e Le 19:28; De 14:1
f 1Sa 18:10; 1Kn 22:10
g Jes 44:20; Ga 4:8
h 1Kn 19:14
i Eks 24:4; Jos 4:3
j Ge 32:28; Ge 33:20; Ge 35:10; 2Kn 17:34; Jes 48:1
k Ge 13:18; De 12:27; 1Kn 18:24
l Eks 20:25; De 27:6
m Ge 22:9; Le 1:7

**36** En op die tyd[a] dat die
graanoffer gebring word, het
die profeet Eli′a begin nader
kom en gesê: “O Jehovah, die
God van Abraham,[b] Isak[c] en Is-
rael,[d] laat dit vandag bekend
word dat u God in Israel is[e] en
dat ek u kneg is en dat ek deur u
woord[f] al hierdie dinge gedoen
het. **37** Antwoord my, o Jeho-
vah, antwoord my, sodat hier-
die volk kan weet dat u, Jeho-
vah,[g] die ware God is en dat u
hulle hart laat terugkeer het.”[h]
**38** Daarop het die vuur[i] van
Jehovah neergeval en die
brandoffer[j] en die stukke hout
en die klippe en die stof ver-
teer, en dit het die water opge-
lek wat in die sloot was.[k]
**39** Toe die hele volk dit sien,
het hulle onmiddellik op hulle
gesig geval[l] en gesê: “Jehovah
is die ware God! Jehovah is die
ware God!” **40** Toe het Eli′a
vir hulle gesê: “Gryp die profete
van Baäl! Moenie één van hul-
le laat ontsnap nie!” Dadelik het
hulle hulle gegryp, en Eli′a het
hulle toe na die Kisonstroom-
vallei[m] afgebring en hulle daar
doodgemaak.[n]
**41** Eli′a het toe vir Agab ge-
sê: “Gaan op, eet en drink;[o]
want daar is die geluid van
die gedruis van ’n stortreën.”[p]
**42** En Agab het opgegaan om
te eet en te drink. Wat Eli′a be-
tref, hy het na die top van die
Karmel opgeklim en op die aar-
de begin hurk[q] en sy gesig tus-
sen sy knieë gehou.[r] **43** Toe
het hy vir sy dienaar gesê:
“Klim asseblief op. Kyk in die
rigting van die see.” En hy het
opgeklim en gekyk en toe ge-
sê: “Daar is hoegenaamd niks.”
En hy het gesê: “Gaan terug”,
sewe keer.[s] **44** En die sewen-
de keer het hy gesê: “Kyk! ’n
Klein wolkie soos ’n man se
palm kom uit die see uit op.”[a]
Hy het toe gesê: “Gaan op, sê
vir Agab: ‘Span in![b] En gaan af
sodat die stortreën u nie ophou
nie!’ ” **45** En intussen het die
hemel donker geword van wol-
ke en wind,[c] en ’n groot stort-
reën het begin val.[d] En Agab
het voortgery en na Jis′reël[e] ge-
gaan. **46** En die hand van Je-
hovah was op Eli′a,[f] sodat hy sy
heupe omgord het[g] en die hele
pad tot by Jis′reël voor Agab uit
gehardloop het.[h]

**19** Toe het Agab[i] vir Ise′bel[j]
alles vertel wat Eli′a ge-
doen het, ja, alles, ook hoe hy
al die profete met die swaard
doodgemaak het.[k] **2** Daarop
het Ise′bel ’n boodskapper na
Eli′a toe gestuur en gesê: “Mag
die gode so doen,[l] en mag hulle
so daaraan toevoeg[m] as ek hier-
die tyd môre nie jou siel soos
die siel van elkeen van hulle
maak nie!” **3** En hy het bang
geword. Gevolglik het hy opge-
staan en ter wille van sy siel
weggegaan[n] en in Berse′ba[o] ge-
kom, wat aan Juda behoort.[p]
Toe het hy sy dienaar daar ag-
tergelaat. **4** En hy self het ’n
dagreis ver die wildernis in ge-
gaan en eindelik onder ’n seke-
re besemstruik gaan sit.[q] En hy
het begin vra dat sy siel moet
sterf en gesê: “Dit is genoeg!
Neem nou my siel weg,[r] o Jeho-
vah, want ek is nie beter as my
voorvaders nie.”
**5** Uiteindelik het hy gaan lê
en aan die slaap geraak onder
die besemstruik.[s] Maar kyk! toe
het ’n engel[t] aan hom geraak.[u]
En hy het vir hom gesê: “Staan
op, eet.” **6** Toe het hy gesien,
en kyk, by sy kop was daar ’n
ronde koek[v] op verhitte klippe

HFST. 18
a Eks 29:41, Ps 141:2, Han 3:1
b Ge 26:24, 2Kr 20:7
c Ge 28:13, Ge 31:53, Ge 32:9, Ge 46:3
d 1Kr 29:18, Mt 22:32
e Eks 20:2, Ps 83:18, Ese 36:23
f Nu 16:28, 2Sa 7:21, Joh 11:42
g 2Kr 14:11, Ps 96:5, Jes 44:6, Da 4:37
h Jer 31:18, Ese 18:32, Ese 33:11
i Le 9:24, Rig 6:21, 2Kr 7:1
j 1Kn 18:23
k 1Kn 18:24
l 2Kr 7:3, Jak 4:10
m Rig 5:21, Ps 83:9
n De 13:5, De 18:20
o Pr 9:7
p 1Kn 17:1, Sag 10:1
q Jos 7:6, Jak 5:16
r Ps 89:7, Heb 12:28, Jak 5:17
s Lu 18:7

Tweede kol.
a Lu 12:54
b Mi 1:13
c Ps 107:25, Ps 147:18, Jak 5:18
d 1Sa 12:18, Job 38:37, Ps 68:9
e Jos 19:18, 1Kn 21:1
f Jes 8:11, Ese 3:14
g Eks 12:11, 2Kn 4:29, 2Kn 9:1, 1Pe 1:13
h 1Sa 8:11, 1Pe 2:17

HFST. 19
i 1Kn 16:29, 1Kn 21:25
j 1Kn 16:31
k 1Kn 18:40
l 1Kn 20:10
m Han 23:13
n Eks 2:15, 1Sa 27:1, Spr 16:14, Spr 22:3, Mt 10:23
o Ge 21:31
p Jos 15:28
q Jon 4:6

r Nu 11:15; Job 3:21; Jon 4:3; s Job 30:4; t Ps 34:7; u Da 10:10; Han 12:7; v 1Kn 17:12; Jes 33:16.

en ’n kruik water. En hy het
begin eet en drink, waarna hy
weer gaan lê het. **7** Later het
die engel[a] van Jehovah ’n twee-
de keer teruggekom en aan
hom geraak en gesê: “Staan op,
eet, want die reis is vir jou te
veel.”[b] **8** Daarop het hy opge-
staan en geëet en gedrink, en
hy het veertig dae[c] en veertig
nagte deur die krag van daardie
voedsel voortgegaan tot by die
berg van die ware God, Horeb.[d]

**9** Daar het hy uiteindelik in
’n grot[e] ingegaan, om daar te
oornag; en kyk! daar was Jeho-
vah se woord vir hom, en dit
het vir hom gesê: “Wat maak
jy hier, Eli′a?”[f] **10** Hierop het
hy gesê: “Ek was absoluut ja-
loers[g] ten opsigte van Jehovah,
die God van die leërs; want die
kinders van Israel het u ver-
bond verlaat,[h] hulle het u al-
tare afgebreek,[i] en hulle het u
profete met die swaard dood-
gemaak,[j] sodat ek alleen oorge-
bly het;[k] en nou soek hulle
my siel om dit weg te neem.”[l]
**11** Maar dit het gesê: “Gaan
uit, en jy moet op die berg voor
Jehovah gaan staan.”[m] En kyk!
Jehovah het verbygegaan,[n] en
’n groot en sterk wind het ber-
ge geskeur en groot rotse ge-
breek voor Jehovah uit.[o] (Jeho-
vah was nie in die wind nie.) En
ná die wind was daar ’n aardbe-
wing.[p] (Jehovah was nie in die
aardbewing nie.) **12** En ná die
aardbewing was daar ’n vuur.[q]
(Jehovah was nie in die vuur
nie.) En ná die vuur was daar ’n
kalm, sagte stem.[r] **13** En toe
Eli′a dit hoor, het hy onmiddel-
lik sy gesig met sy ampskleed
toegedraai[s] en uitgegaan en by
die ingang van die grot gaan
staan; en kyk! daar was ’n stem
vir hom, en dit het vir hom ge-
sê: “Wat maak jy hier, Eli′a?”[t]
**14** Hierop het hy gesê: “Ek was
absoluut jaloers ten opsigte van
Jehovah, die God van die leërs;
want die kinders van Israel het
u verbond verlaat,[a] hulle het u
altare afgebreek, en hulle het u
profete met die swaard doodge-
maak, sodat ek alleen oorgebly
het; en nou soek hulle my siel
om dit weg te neem.”[b]

**15** Jehovah het toe vir hom
gesê: “Gaan, keer terug op jou
pad na die wildernis van Da-
maskus;[c] en jy moet ingaan en
Ha′sael[d] as koning oor Sirië
salf.[e] **16** En Jehu,[f] die klein-
seun van Nimsi,[g] moet jy as ko-
ning oor Israel salf; en Eli′sa,[h]
die seun van Safat, uit A′bel-
Meho′la,[i] moet jy as profeet in
jou plek salf.[j] **17** En wie aan
Ha′sael se swaard ontkom,[k] sal
deur Jehu doodgemaak word;[l]
en wie aan Jehu se swaard
ontkom, sal deur Eli′sa dood-
gemaak word.[m] **18** En ek het
seweduisend in Israel laat oor-
bly,[n] al die knieë wat nie voor
Baäl gebuig het nie,[o] en elke
mond wat hom nie gesoen het[p]
nie.”

**19** Toe het hy daarvandaan
weggegaan en Eli′sa, die seun
van Safat, gevind terwyl hy
met twaalf spanne voor hom
geploeg het,[q] en hy self
was by die twaalfde. Toe het
Eli′a na hom toe gegaan en
sy ampskleed[r] op hom gegooi.
**20** Daarop het hy die bulle ver-
laat en agter Eli′a aan gehard-
loop en gesê: “Laat my asseblief
my vader en my moeder soen.[s]
Dan sal ek u volg.” Toe het hy
vir hom gesê: “Gaan, keer te-
rug; want wat het ek aan jou
gedoen?” **21** En hy het agter
hom omgedraai en toe ’n span
bulle geneem en hulle geslag,[t]

**HFST. 19**
a Heb 1:14
b Ps 103:13
c Eks 24:18; De 9:9; Lu 4:2
d Eks 3:1; Eks 19:18; Mal 4:4
e Eks 33:22; Heb 11:38
f Ge 16:8; Ps 139:7
g Eks 20:5; Nu 25:11; 2Kn 10:16; Ps 69:9; Ps 119:139; 2Ko 11:2
h De 29:25; Rig 2:20; 1Kn 8:9; 2Kn 17:15; Heb 8:9
i Ro 11:3
j 1Kn 18:4
k 1Kn 18:22; Spr 24:10; Ro 11:3
l 1Kn 19:2
m Eks 34:2
n Eks 33:22; Hab 3:3
o Job 38:1; Ps 50:3; Jes 29:6
p 1Sa 14:15; Job 9:6; Ps 68:8; Na 1:5
q De 4:11
r Eks 34:6; De 4:33
s Eks 3:6
t 1Kn 19:9

**Tweede kol.**
a De 31:20; Ps 78:37; Jes 1:4; Jer 22:9; Ro 11:3
b 1Kn 19:10
c 2Kn 8:7
d 2Kn 8:8; 2Kn 8:12; Am 1:4
e 1Sa 2:7
f 2Kn 9:2; 2Kn 9:30
g 2Kn 9:14
h 2Kn 2:9; Lu 4:27
i Rig 7:22; 1Kn 4:12
j 2Kn 2:15
k 2Kn 8:12; 2Kn 9:14; 2Kn 10:32; 2Kn 13:3
l 2Kn 9:24; 2Kn 10:6; 2Kn 10:25
m 2Kn 2:24
n Jes 1:9; Ro 11:4; Ro 11:5; 2Ti 2:19
o Eks 20:5
p Ho 13:2

q Eks 3:1; Rig 6:11; 2Sa 7:8; r 2Kn 2:8; s Ge 31:28; t Le 19:5.

en met die trekgoed[a] van die
bulle het hy hulle vleis gekook
en dit toe aan die mense gegee,
en hulle het geëet. Daarna het
hy opgestaan en Eli′a gevolg en
hom begin dien.[b]

**20** Wat Ben-Hadad,[c] die ko-
ning van Sirië, betref,
hy het sy hele krygsmag by-
mekaargebring, en ook twee-
en-dertig konings saam met
hom[d] en perde[e] en strydwaens,[f]
en hy het opgetrek en Sama-
ri′a[g] beleër[h] en daarteen geveg.
**2** Toe het hy boodskappers[i] na
Agab, die koning van Israel, ge-
stuur in die stad. En hy het vir
hom gesê: “Só het Ben-Hadad
gesê: **3** ‘U silwer en u goud is
myne, en u vrouens en u kin-
ders, die mooistes, is myne.’ ”[j]
**4** Hierop het die koning van Is-
rael geantwoord en gesê: “Vol-
gens u woord, my heer die ko-
ning; ek met alles wat myne is,
behoort aan u.”[k]

**5** Later het die boodskap-
pers teruggekom en gesê: “Só
het Ben-Hadad gesê: ‘Ek het
na u gestuur en gesê: “U sil-
wer en u goud en u vrouens en
u kinders moet u aan my gee.”
**6** Maar omstreeks hierdie tyd
môre sal ek my knegte na u toe
stuur, en hulle sal u huis en
die huise van u knegte sorgvul-
dig deursoek; en hulle sal alles
wat begeerlik is[l] in u oë, in hul-
le hand sit, en hulle sal dit weg-
neem.’ ”

**7** Daarop het die koning van
Israel al die ouer manne van die
land geroep[m] en gesê: “Let as-
seblief op en sien dat hy ramp-
spoed soek;[n] want hy het na my
toe gestuur vir my vrouens en
my kinders en my silwer en my
goud, en ek het hom dit nie ont-
sê nie.” **8** Toe het al die ouer
manne en die hele volk vir hom
gesê: “Moenie luister nie, en u
mag nie instem nie.” **9** Daar-
om het hy vir die boodskappers
van Ben-Hadad gesê: “Sê vir my
heer die koning: ‘Alles waar-
voor u die eerste keer na u kneg
gestuur het, sal ek doen; maar
hierdie ding kan ek nie doen
nie.’ ” Daarop het die boodskap-
pers weggegaan en vir hom be-
rig gebring.

**10** Ben-Hadad het toe na
hom gestuur en gesê: “Mag
die gode[a] so aan my doen en
mag hulle so daaraan toevoeg[b]
as die stof van Samari′a genoeg
sal wees om die hande te vul
van al die manskappe wat my
volg!”[c] **11** Hierop het die ko-
ning van Israel geantwoord en
gesê: “Sê julle vir hom: ‘Laat die
een wat hom omgord,[d] nie oor
homself roem soos die een wat
hom losgord nie.’ ”[e] **12** En toe
hy hierdie woord hoor, terwyl
hy en die konings in die hutte
gedrink het,[f] het hy onmiddel-
lik vir sy knegte gesê: “Stel jul-
le op!” En hulle het hulle teen
die stad begin opstel.

**13** En kyk! ’n sekere profeet
het na Agab, die koning van Is-
rael,[g] gekom en toe gesê: “Só
het Jehovah gesê:[h] ‘Het jy hier-
die hele groot menigte gesien?
Kyk, ek gee hulle vandag in jou
hand, en jy sal sekerlik weet dat
ek Jehovah is.’ ”[i] **14** Toe het
Agab gesê: “Deur wie?” waar-
op hy gesê het: “Só het Jeho-
vah gesê: ‘Deur die jong manne
van die vorste van die regsge-
biede.’ ” Uiteindelik het hy ge-
sê: “Wie sal die geveg begin?”
waarop hy gesê het: “U!”

**15** En hy het die jong manne
van die vorste van die regsge-
biede getel, en hulle was twee-
honderd-twee-en-dertig;[j] en ná
hulle het hy al die manskappe
getel, al die kinders van Israel,
seweduisend. **16** En hulle het

**HFST. 19**
a 2Sa 24:22
b Eks 24:13; 2Kn 2:3; 2Kn 3:11

**HFST. 20**
c 2Kn 6:24; 2Kn 8:7
d Jes 10:8; Ese 26:7
e Spr 21:31
f De 20:1
g 2Kn 6:24; 2Kn 17:5
h Le 26:25; De 28:52
i 2Kn 19:9; 2Kn 19:23; Jes 37:9
j Eks 15:9; Job 40:12; Jes 10:13
k Le 26:28; De 28:48
l Rig 5:30; Esr 8:27
m Spr 11:14
n Spr 11:27

**Tweede kol.**
a 1Kn 19:2; Jer 5:7
b Han 23:12
c Spr 16:18; Jes 37:24
d 1Sa 2:3; 1Sa 25:13; Ps 45:3
e Spr 27:1; Pr 7:8; Pr 8:7
f Spr 31:4
g 1Kn 16:29
h Jes 55:11
i Eks 14:18; Ps 37:20
j 1Sa 14:6; 2Kr 14:11

op die middaguur begin uittrek
terwyl Ben-Hadad hom in die
hutte dronk gedrink het,[a] hy
saam met die konings, die twee-
en-dertig konings wat hom ge-
help het. **17** Toe die jong man-
ne[b] van die vorste van die
regsgebiede eerste uittrek, het
Ben-Hadad dadelik uitgestuur;
en hulle het hom kom vertel en
gesê: “Daar het manne uit Sa-
mari′a uitgetrek.” **18** Daarop
het hy gesê: “Of hulle nou vir
vrede uitgetrek het, julle moet
hulle lewend gryp; en of hulle
vir die geveg uitgetrek het, le-
wend moet julle hulle gryp.”[c]
**19** En dié wat uit die stad uit-
getrek het, was die jong manne
van die vorste van die regsge-
biede en die krygsmag wat ag-
ter hulle was. **20** En hulle het
elkeen sy man begin doodmaak;
en die Siriërs[d] het gevlug,[e] en
Israel het hulle agtervolg, maar
Ben-Hadad, die koning van Si-
rië, het te perd saam met die
ruiters ontvlug. **21** Maar die
koning van Israel het uitgetrek
en die perde en die strydwaens
bly verslaan,[f] en hy het die Si-
riërs met ’n groot slagting ver-
slaan.

**22** Later het die profeet[g] na
die koning van Israel toe gekom
en vir hom gesê: “Gaan, ver-
sterk u[h] en let op en kyk wat u
gaan doen;[i] want by die jaarwis-
seling trek die koning van Sirië
teen u op.”[j]

**23** Wat die knegte van die
koning van Sirië betref, hulle
het vir hom gesê: “Hulle God is
’n God van berge.[k] Daarom het
hulle die oorhand oor ons ge-
kry. Laat ons daarenteen op die
gelykte teen hulle veg en kyk
of ons nie die oorhand oor hul-
le sal kry nie. **24** En doen dít:
Verwyder die konings,[l] elkeen
uit sy plek, en stel goewerneurs
in hulle plek aan.[a] **25** Wat u
betref, u moet vir u ’n krygs-
mag tel gelykstaande aan die
krygsmag wat by u geval het,
met ewe veel perde en stryd-
waens; en laat ons op die ge-
lykte teen hulle veg en kyk of
ons nie die oorhand oor hulle
sal kry nie.”[b] Toe het hy na hul-
le stem geluister en net so ge-
doen.

**26** En by die jaarwisseling
het Ben-Hadad die Siriërs[c] op-
geroep en na Afek[d] opgetrek
om teen Israel te veg. **27** Wat
die kinders van Israel betref,
hulle is opgeroep en van die no-
dige voorsien[e] en het hulle be-
gin tegemoettrek; en die kin-
ders van Israel het teenoor
hulle kamp opgeslaan soos twee
troppies bokke, terwyl die Si-
riërs die aarde gevul het.[f]
**28** Toe het die man van die
ware God[g] nader gekom en vir
die koning van Israel gesê, ja,
hy het gesê: “Só het Jehovah ge-
sê: ‘Omdat die Siriërs gesê het:
“Jehovah is ’n God van berge,
en hy is nie ’n God van laag-
vlaktes nie”, sal ek hierdie hele
groot menigte in jou hand moet
gee,[h] en julle sal sekerlik weet
dat ek Jehovah is.’ ”[i]

**29** En hulle kampe het sewe
dae lank teenoor mekaar gelê.[j]
En op die sewende dag het die
geveg begin; en die kinders van
Israel het die Siriërs verslaan,
honderdduisend voetsoldate op
een dag. **30** En dié wat oorge-
bly het, het na Afek[k] gevlug,
na die stad; en die muur het
op sewe-en-twintigduisend man
geval wat oorgebly het.[l] Wat
Ben-Hadad betref, hy het ge-
vlug[m] en uiteindelik in die stad
gekom, in die binneste[n] ver-
trek.

**31** Toe het sy knegte vir
hom gesê: “Kyk tog, ons het

**HFST. 20**

a Spr 31:4, Pr 10:17, Ho 4:11
b 1Kn 20:14
c Spr 16:18, Spr 18:12, Lu 14:11
d Ge 25:20, De 26:5, 2Sa 8:6, 2Kn 5:2, Jes 9:12
e Le 26:8, De 28:7, Ps 33:16, Ps 46:6
f Jos 11:6
g 1Kn 20:13, Am 3:7
h 2Kr 25:8, Ps 25:8, Ps 27:14
i Spr 20:18
j 2Sa 11:1, 1Kr 20:1, 2Kr 36:10
k Ps 47:7, Ps 83:18, Ps 97:9, Ps 115:2, Ro 1:21, 1Ko 8:4
l 1Kn 20:1, 1Kn 20:16

**Tweede kol.**

a Spr 21:30
b Ps 10:3
c 1Kn 20:20
d 1Sa 29:1, 2Kn 13:17
e Jos 1:11
f Rig 6:5, 1Sa 13:5, 2Kr 32:7, Heb 11:34
g Ps 18:30
h De 32:27, Ps 58:10, Ese 20:9, Ese 36:22
i Eks 6:7, Eks 7:5, Eks 8:10, Ese 6:14, Ese 39:7
j Jos 6:15
k 1Kn 20:26
l Jes 24:18, Jer 48:44, Am 2:14, Am 9:3
m 1Kn 20:20
n 1Kn 22:25

gehoor dat die konings van die
huis van Israel konings van lief-
deryke goedhartigheid is.[a] Laat
ons asseblief saklinne[b] om ons
lendene[c] en toue om ons kop-
pe dra, en laat ons uitgaan
na die koning van Israel. Mis-
kien sal hy u siel laat lewe.”[d]
**32** Toe het hulle saklinne om
hulle lendene gegord, met toue
om hulle koppe, en by die ko-
ning van Israel gekom en gesê:
“U kneg Ben-Hadad het gesê:
‘Laat my siel asseblief lewe.’”
Hierop het hy gesê: “Lewe hy
nog? Hy is my broer.” **33** En
die manne[e] het dit as ’n voor-
teken opgeneem en dit gou as
’n beslissing van sy kant be-
skou, en hulle het gesê: “Ben-
Hadad is u broer.” Daarop het
hy gesê: “Gaan haal hom.” Toe
het Ben-Hadad na hom toe uit-
gekom; en hy het hom dadelik
op die strydwa laat klim.[f]

**34** Ben-Hadad het toe vir
hom gesê: “Die stede[g] wat my
vader van u vader afgeneem
het, sal ek teruggee; en u sal in
Damaskus strate aan u toewys
net soos my vader in Samari′a
gedoen het.”

“En wat my betref, onder ’n
verbond[h] sal ek u wegstuur.”

Daarop het hy ’n verbond
met hom gesluit en hom wegge-
stuur.

**35** En ’n sekere man uit die
profeteseuns[i] het deur die
woord[j] van Jehovah vir sy
vriend gesê: “Slaan my asse-
blief.” Maar die man het gewei-
er om hom te slaan. **36** Daar-
om het hy vir hom gesê:
“Omdat jy nie na die stem van
Jehovah geluister het nie, kyk,
jy gaan van my af weg, en ’n
leeu sal jou beslis doodmaak.”
Daarna het hy van hom af weg-
gegaan, en die leeu[k] het hom
gevind en hom doodgemaak.[l]

**37** En hy het ’n ander man
gevind en gesê: “Slaan my asse-
blief.” En die man het hom ge-
slaan, ja, geslaan en gewond.

**38** Toe het die profeet langs
die pad vir die koning gaan
staan en wag, en hy het hom
met ’n verband oor sy oë ver-
mom gehou.[a] **39** En toe die
koning verbygaan, het hy die
koning toegeroep en gesê:[b] “U
kneg het in die hitte van die
stryd uitgetrek; en kyk! ’n man
het uit die linie getree, en
hy het ’n man na my toe ge-
bring en toe gesê: ‘Bewaak hier-
die man. As hy enigsins ver-
mis word, dan sal jou siel[c] in
die plek van sy siel moet wees,[d]
of anders moet jy ’n talent sil-
wer afweeg.’[e] **40** En terwyl u
kneg hier en daar besig was,
kyk, toe het hy verdwyn.” Hier-
op het die koning van Israel vir
hom gesê: “So is jou regspraak.
Jy het self besluit.”[f] **41** Daar-
op het hy gou die verband van
sy oë afgehaal, en die koning
van Israel het hom herken, dat
hy uit die profete was.[g] **42** Hy
het toe vir hom gesê: “Só het Je-
hovah gesê: ‘Omdat jy die man
wat aan my gewy is om vernie-
tig te word,[h] uit jou hand laat
gaan het, moet jou siel in die
plek van sy siel[i] en jou volk in
die plek van sy volk wees.’”[j]
**43** Daarop het die koning van
Israel weggegaan na sy huis,
stuurs en terneergedruk,[k] en in
Samari′a gekom.[l]

**21** En ná hierdie dinge het
dít gebeur: Nabot, die
Jisreëliet, het ’n wingerd gehad
wat in Jis′reël[m] was, langs die
paleis van Agab, die koning van
Samari′a. **2** Toe het Agab met
Nabot gepraat en gesê: “Gee[n]
my tog jou wingerd,[o] sodat
dit vir my ’n groentetuin[p] kan
wees, want dit is naby my huis;

**HFST. 20**
a Spr 20:28, Jes 16:5
b Jon 3:8
c Ge 37:34, 1Kn 21:27, Est 4:1, Jes 22:12, Op 11:3
d Jon 3:9
e Spr 25:13
f 2Kn 10:15
g 1Kn 15:20, 2Kr 16:4
h Eks 23:32
i 2Kn 2:3, Am 7:14
j 1Kn 17:14
k 1Kn 13:24
l Spr 16:25

**Tweede kol.**
a 2Sa 14:2
b 2Sa 12:1, 2Sa 14:4
c Ge 2:7, Le 17:11
d 2Kn 10:24, Han 12:19, Han 16:27
e Eks 21:30, Spr 13:8
f Job 34:4, Lu 19:22, Ga 6:7
g 1Kn 20:35
h Le 27:29, Jos 6:18, 1Sa 15:9, 1Kr 2:7, Jer 48:10
i 1Kn 22:31, 1Kn 22:35, 2Kr 18:33
j 2Kn 6:24, 2Kn 8:12, 2Kr 18:16
k 1Kn 21:4, Ps 2:10
l 1Kn 16:29

**HFST. 21**
m Jos 19:18, 1Kn 18:45, Ho 2:22
n Eks 20:17, De 5:21, Hab 2:9, Lu 12:15, Ro 7:7, Jak 1:14, 2Pe 2:14
o 1Sa 8:14
p De 11:10, Pr 2:5

en laat ek jou ’n beter wingerd
in die plek daarvan gee. Of as
dit goed is in jou oë,[a] sal ek jou
geld ooreenkomstig die prys
daarvan gee.” **3** Maar Nabot
het vir Agab gesê: “Dit is vir
my ondenkbaar,[b] vanuit Jeho-
vah se standpunt,[c] om die erf-
besitting van my voorvaders
aan u te gee.”[d] **4** Gevolglik
het Agab in sy huis gekom,
stuurs en terneergedruk oor
die woord wat Nabot, die Jis-
reëliet, met hom gespreek het
toe hy gesê het: “Ek sal die
erfbesitting van my voorvaders
nie aan u gee nie.” Toe het hy
op sy slaapbank gaan lê en sy
gesig weggekeer gehou,[e] en hy
het geen brood geëet nie.

**5** Uiteindelik het sy vrou
Ise′bel[f] by hom gekom en vir
hom gesê: “Waarom is jou gees
bedroef[g] en eet jy geen
brood nie?” **6** Daarop het hy
vir haar gesê: “Omdat ek met
Nabot, die Jisreëliet, gepraat en
vir hom gesê het: ‘Gee my tog
jou wingerd vir geld. Of, as jy
dit verkies, laat ek jou ’n an-
der wingerd in die plek daar-
van gee.’ Maar hy het gesê:
‘Ek sal my wingerd nie aan u
gee nie.’ ”[h] **7** Toe het sy vrou
Ise′bel vir hom gesê: “Oefen *jý*
nou die koningskap oor Israel
uit?[i] Staan op, eet brood en
laat jou hart vrolik wees. Ek
sal jou die wingerd van Nabot,
die Jisreëliet, gee.”[j] **8** Toe het
sy briewe in Agab se naam ge-
skryf[k] en dit met sy seël ver-
seël[l] en die briewe aan die ouer
manne[m] en die edeles gestuur
wat in sy stad was, wat by Na-
bot gewoon het. **9** Maar sy
het in die briewe geskryf en ge-
sê:[n] “Roep ’n vas uit, en LAAT
Nabot aan die hoof van die volk
sit. **10** En LAAT twee manne,[o]
deugniete,[p] teenoor hom sit, en
laat hulle teen hom getuig[a] en
sê: ‘Jy het God en die koning
vervloek!’[b] En BRING hom uit en
stenig hom sodat hy sterf.”[c]

**11** Toe het die manne van sy
stad, die ouer manne en die ede-
les wat in sy stad gewoon het,
gedoen net soos Ise′bel hulle
laat weet het, net soos geskry-
we gestaan het in die briewe
wat sy aan hulle gestuur het.[d]
**12** Hulle het ’n vas[e] uitgeroep
en Nabot aan die hoof van die
volk laat sit. **13** Toe het twee
van die manne, deugniete, in-
gekom en teenoor hom gaan
sit; en die nikswerd manne het
voor die volk teen hom, dit wil
sê teen Nabot, begin getuig en
gesê: “Nabot het God en die
koning vervloek!”[f] Daarna het
hulle hom na die buitewyke van
die stad uitgebring en hom met
klippe gestenig, sodat hy ge-
sterf het.[g] **14** Hulle het toe na
Ise′bel gestuur en gesê: “Nabot
is gestenig sodat hy dood is.”[h]

**15** En toe Ise′bel hoor dat
Nabot gestenig is sodat hy ge-
sterf het, het Ise′bel onmiddel-
lik vir Agab gesê: “Staan op,
neem besit van die wingerd van
Nabot, die Jisreëliet,[i] wat hy ge-
weier het om vir geld aan jou te
gee, want Nabot lewe nie meer
nie, maar is dood.” **16** En toe
Agab hoor dat Nabot dood is,
het Agab dadelik opgestaan om
af te gaan na die wingerd van
Nabot, die Jisreëliet, om dit in
besit te neem.[j]

**17** En Jehovah se woord[k] het
tot Eli′a,[l] die Tisbiet, gekom
en gesê: **18** “Staan op, gaan af
om Agab, die koning van Israel,
wat in Samari′a is,[m] te ontmoet.
Kyk, hy is in die wingerd van
Nabot, waarheen hy afgegaan
het om dit in besit te neem.
**19** En jy moet met hom praat
en sê: ‘Só het Jehovah gesê:

**HFST. 21**

a Ge 16:6
b Le 25:18; Ps 97:10; Am 5:15
c Jos 22:5; 1Sa 24:6; 1Sa 26:11
d Le 25:23; Nu 36:7; Ese 46:18
e Spr 15:13; Spr 18:14
f 1Kn 16:31; 1Kn 18:4; 1Kn 19:2; 1Kn 21:25; 2Kn 9:34
g Ne 2:2
h 1Kn 21:3
i 1Sa 8:14
j Mi 2:1; Mi 7:3
k 2Sa 11:14
l Ne 9:38; Est 8:8
m Nu 11:16; De 16:18
n Spr 6:18
o De 17:6
p 1Sa 2:12; 2Sa 20:1; Spr 17:23

**Tweede kol.**

a Eks 20:16; De 5:20; Spr 6:19; Spr 24:28; Jes 32:7; Han 6:13
b Eks 22:28; Le 24:16; Mt 26:65; Han 23:5
c Le 24:16; Joh 10:33; Han 7:58
d Eks 23:1; Le 19:15
e Jes 58:4
f 1Kn 21:10; Pr 3:16; Am 5:12; Hab 1:4
g 2Kn 9:26; Pr 4:1
h Pr 5:8; Pr 8:14; Hab 1:13
i 1Kn 21:7; Spr 4:17; Jer 22:17
j Ps 50:18; Hab 2:12; Ro 1:32; 2Pe 2:15
k Ps 9:12; Jes 26:21
l 1Kn 17:1
m 1Kn 16:29

“Het jy moord gepleeg[a] en ook
in besit geneem?”’[b] En jy moet
met hom praat en sê: ‘Só het Je-
hovah gesê: “Op die plek[c] waar
die honde die bloed van Nabot
opgelek het, sal die honde jou
bloed oplek, ja joune.”’”[d]

**20** En Agab het vir Eli′a ge-
sê: “Het jy my gevind, o my vy-
and?”[e] waarop hy gesê het: “Ek
het u gevind. ‘Omdat jy jou
verkoop het om te doen wat
sleg is in die oë van Jehovah,[f]
**21** kyk, daarom bring ek ramp-
spoed oor jou;[g] en ek sal beslis
heeltemal van jou ontslae raak[h]
en van Agab uitroei elkeen wat
manlik is[i] en die hulpelose en
waardelose in Israel. **22** En
ek sal beslis jou huis maak
soos die huis van Jero′beam,[j]
die seun van Nebat, en soos die
huis van Baäsa,[k] die seun van
Ahi′a, weens die aanstootlik-
heid waarmee jy my aanstoot
gegee het en Israel toe laat son-
dig het.’[l] **23** En ook oor Ise′-
bel het Jehovah gespreek en
gesê: ‘Die honde sal Ise′bel op-
eet op die stuk grond van Jis′-
reël.[m] **24** Wie van Agab in die
stad sterf, sal deur die honde
opgeëet word; en wie in die
veld sterf, sal deur die voëls
van die hemel opgeëet word.[n]
**25** Hoegenaamd niemand was
soos Agab nie,[o] wat hom ver-
koop het om te doen wat sleg
was in die oë van Jehovah, wat
deur sy vrou Ise′bel[p] aangehits
is.[q] **26** En hy het baie ver-
foeilik gehandel deur agter die
drekgode[r] aan te loop, net soos
al die Amoriete gedoen het, wat
Jehovah voor die kinders van
Israel uit verdryf het.’”[s]

**27** En net toe Agab hierdie
woorde hoor, het hy sy kle-
re geskeur en saklinne[t] om sy
vlees gesit; en hy het begin
vas en die hele tyd in saklinne
gaan lê en bedruk rondgeloop.[a]
**28** En Jehovah se woord het
tot Eli′a, die Tisbiet, gekom
en gesê: **29** “Het jy gesien hoe
Agab hom weens my verneder
het?[b] Omdat hy hom weens my
verneder het, sal ek die ramp-
spoed nie in sy dae bring nie.[c]
In die dae van sy seun sal ek die
rampspoed oor sy huis bring.”[d]

**22** En drie jaar lank het
hulle gewoon sonder dat
daar oorlog tussen Sirië en Is-
rael was. **2** En in die derde
jaar het Jo′safat,[e] die koning
van Juda, afgegaan na die ko-
ning van Israel. **3** Toe het die
koning van Israel vir sy kneg-
te gesê: “Weet julle werklik
dat Ra′mot-Gi′lead[f] aan ons be-
hoort? Tog aarsel ons om dit uit
die hand van die koning van Si-
rië te neem.” **4** En hy het vir
Jo′safat gesê: “Sal u saam met
my in die stryd trek na Ra′-
mot-Gi′lead?”[g] Hierop het Jo′sa-
fat vir die koning van Israel ge-
sê: “Ek is net soos u. My volk
is net soos u volk.[h] My perde is
net soos u perde.”

**5** Maar Jo′safat het verder
vir die koning van Israel gesê:
“Raadpleeg[i] asseblief eers die
woord van Jehovah.” **6** Toe
het die koning van Israel die
profete bymekaargebring,[j] on-
geveer vierhonderd man, en vir
hulle gesê: “Sal ek teen Ra′-
mot-Gi′lead optrek om oorlog te
voer, of sal ek dit laat staan?”
En hulle het begin sê: “Trek
op,[k] en Jehovah sal dit in die ko-
ning se hand gee.”

**7** Maar Jo′safat het gesê: “Is
hier nie nog ’n profeet van Je-
hovah nie? Laat ons dan deur
hom raadpleeg.”[l] **8** Daarop
het die koning van Israel vir
Jo′safat gesê: “Daar is nog een
man deur wie ons Jehovah kan
raadpleeg;[m] maar ek haat hom

HFST. 21
a Ge 4:10
b Hab 2:9
c Eks 21:23; Ps 7:15
d 1Kn 22:38; 2Kn 9:25; Mt 7:2
e 1Kn 18:17; Am 5:10; Ga 4:16
f 1Kn 16:30
g 2Kn 9:7
h Eks 20:5; 2Kn 9:8; 2Kn 10:7
i 2Kn 10:17; 2Kn 10:30
j 1Kn 15:29
k 1Kn 16:3; 1Kn 16:11
l 1Kn 16:26
m 2Kn 9:10; 2Kn 9:35; Ps 7:16
n 1Kn 14:11; 1Kn 16:4; Jer 15:3; Op 19:18
o 1Kn 16:30
p 1Kn 16:31
q De 13:6; Rig 16:16; 2Kr 22:3; Op 2:20
r 1Sa 12:21; Ps 96:5; Jer 10:14; 1Ko 8:4
s Eks 23:28; De 9:5; 2Kr 33:2
t 1Kn 20:31; 2Ko 7:10

Tweede kol.
a Spr 15:13
b Ps 78:34
c Ps 86:15; Mi 7:18
d Eks 20:5; 2Kn 9:25; 2Kn 10:7; 2Kn 10:11

HFST. 22
e 1Kn 15:24; 2Kr 18:3
f De 4:43; Jos 20:8; 1Kn 4:13
g 2Kr 18:2
h 2Kn 3:7; 2Kr 18:3; Spr 13:20; 2Ko 6:14
i Nu 27:21; Spr 3:6
j 1Kn 18:19; Mt 15:14
k 2Kr 18:5; Jer 5:31; Jer 23:30
l 2Kn 3:11; 2Kr 18:6
m 1Kn 18:4

beslis,[a] want hy profeteer nie
goeie nie, maar slegte dinge
oor my[b]—Miga′ja, die seun van
Jimla.” Jo′safat het egter gesê:
“Die koning moenie so iets sê
nie.”[c]
**9** Daarop het die koning van
Israel ’n sekere hofbeampte[d]
geroep en gesê: “Bring tog gou
vir Miga′ja, die seun van Jim-
la.”[e] **10** En die koning van Is-
rael en Jo′safat, die koning van
Juda, het elkeen op sy troon
gesit, geklee in koninklike kle-
re,[f] op die dorsvloer by die in-
gang van die poort van Sa-
mari′a; en al die profete het
voor hulle as profete opgetree.[g]
**11** Toe het Sedeki′a, die seun
van Kena′äna, vir hom ysterho-
rings gemaak en gesê: “Só het
Jehovah gesê:[h] ‘Hiermee sal jy
die Siriërs stoot totdat jy hulle
uitroei.’ ”[i] **12** En al die ander
profete het dieselfde geprofe-
teer en gesê: “Trek op na Ra′-
mot-Gi′lead en wees suksesvol;
en Jehovah sal dit beslis in die
koning se hand gee.”[j]
**13** En die boodskapper wat
Miga′ja gaan roep het, het met
hom gepraat en gesê: “Kyk
tog! Die woorde van die profe-
te is eenstemmig goed vir die
koning. Laat u woord asseblief
soos die woord van een van hul-
le word, en u moet iets goeds
sê.”[k] **14** Maar Miga′ja het ge-
sê: “So waar as Jehovah lewe,[l]
wat Jehovah vir my sal sê, dít
sal ek sê.”[m] **15** Toe het hy by
die koning gekom, en die ko-
ning het vir hom gesê: “Miga′ja,
sal ons na Ra′mot-Gi′lead trek
om oorlog te voer, of sal ons
dit laat staan?” Dadelik het hy
vir hom gesê: “Trek op en wees
suksesvol; en Jehovah sal dit
beslis in die koning se hand
gee.”[n] **16** Daarop het die ko-
ning vir hom gesê: “Hoeveel
keer stel ek jou onder eed dat
jy niks anders as die waarheid
in die naam van Jehovah vir my
moet sê nie?”[a] **17** Toe het hy
gesê: “Waarlik, ek sien al die Is-
raeliete verstrooid[b] op die ber-
ge, soos skape wat geen herder
het nie.[c] En Jehovah het gesê:
‘Hulle het geen heer nie. Laat
hulle elkeen in vrede na sy huis
teruggaan.’ ”[d]
**18** Toe het die koning van Is-
rael vir Jo′safat gesê: “Het ek
nie vir u gesê nie: ‘Hy sal nie
goeie nie, maar slegte dinge oor
my profeteer’?”[e]
**19** En hy het verder gesê:
“Daarom, hoor die woord van
Jehovah:[f] Waarlik, ek sien Je-
hovah op sy troon sit[g] en die
hele leër van die hemel by hom
staan, aan sy regter- en aan
sy linkerkant.[h] **20** En Jeho-
vah het gesê: ‘Wie sal Agab mis-
lei, sodat hy optrek en by Ra′-
mot-Gi′lead val?’ En die een het
dít gesê terwyl die ander dát ge-
sê het.[i] **21** Uiteindelik het ’n
gees[j] vorentoe gekom en voor
Jehovah gaan staan en gesê:
‘Ek sal hom mislei.’ Daarop het
Jehovah vir hom gesê: ‘Hoe?’[k]
**22** Hierop het hy gesê: ‘Ek sal
uitgaan, en ek sal beslis ’n be-
drieglike gees in die mond van
al sy profete word.’[l] Toe het hy
gesê: ‘Jy sal hom mislei, en jy
sal boonop oorwin.[m] Gaan uit
en doen so.’[n] **23** En nou, kyk,
Jehovah het ’n bedrieglike gees
in die mond van al hierdie pro-
fete van u geplaas;[o] maar Je-
hovah het rampspoed oor u ge-
spreek.”[p]
**24** Sedeki′a, die seun van Ke-
na′äna, het toe nader gekom en
Miga′ja op die wang geslaan[q]
en gesê: “Langs watter weg het
die gees van Jehovah van my
af weggegaan om met jou te
praat?”[r] **25** Daarop het Miga′-

HFST. 22

a 1Kn 21:20; 2Kr 36:16; Ps 34:21; Spr 9:8
b 2Kr 18:7; Jes 30:10; Jer 38:4
c Spr 5:12; Spr 5:13; Tit 1:13
d 1Sa 8:16; 2Kn 9:32
e 2Kr 18:8
f Est 6:8; Mt 11:8; Han 12:21
g 2Kr 18:9; Ese 13:2
h De 18:20; Jer 23:16; Jer 23:17; Ese 13:6
i 2Kr 18:10
j 2Kr 18:11
k 2Kr 18:12
l De 6:13; Jer 12:16
m Nu 22:35; 2Kr 18:13; Jer 1:7; Jer 23:28; Ese 2:4; 2Pe 1:21
n 2Kr 18:14

Tweede kol.

a De 5:11; 2Kr 18:15
b De 28:25
c Spr 10:24; Sag 10:2; Sag 13:7; Mt 9:36
d 2Kr 18:16; Ese 33:9
e 2Kr 18:17
f 2Kr 18:18
g Jes 6:1; Ese 1:26; Da 7:9
h Job 1:6; Da 7:10; Mt 18:10; Op 5:11
i 2Kr 18:19
j Ps 104:4; Heb 1:7; Heb 1:14
k 2Kr 18:20
l 1Kn 22:6
m 2Te 2:11; 1Jo 4:1
n 2Kr 18:21
o Ese 14:9
p Nu 23:19; 1Kn 20:42; 2Kr 18:22; Jes 55:11
q 1Kr 16:22; Ps 105:15
r 2Kr 18:23

ja gesê: “Kyk! Jy sal sien langs
watter weg op dié dag dat jy
die binneste[a] vertrek sal ingaan
om weg te kruip.”[b] **26** Toe
het die koning van Israel ge-
sê: “Neem Miga′ja en bring hom
terug na Amon, die stadshoof,
en na Joas, die koning se seun.[c]
**27** En jy moet sê: ‘Só het die ko-
ning gesê:[d] “SIT hierdie man in
die huis van bewaring[e] en voed
hom met ’n verminderde rant-
soen brood[f] en ’n verminderde
rantsoen water totdat ek in vre-
de terugkom.” ’ ”[g] **28** Daarop
het Miga′ja gesê: “As u enigsins
in vrede terugkeer, het Jeho-
vah nie met my gepraat nie.”[h]
En hy het bygevoeg: “Hoor, alle
volke.”[i]

**29** En die koning van Is-
rael en Jo′safat, die koning van
Juda, het na Ra′mot-Gi′lead op-
getrek.[j] **30** Die koning van Is-
rael het toe vir Jo′safat gesê:
“Ek sal my vermom en die stryd
ingaan,[k] maar ú moet u kle-
re aantrek.”[l] Toe het die koning
van Israel hom vermom[m] en die
stryd ingegaan.[n] **31** Wat die
koning van Sirië betref, hy het
die twee-en-dertig hoofde[o] van
sy strydwaens beveel en gesê:
“Julle moenie met klein of groot
veg nie, maar met die koning
van Israel alleen.”[p] **32** En net
toe die hoofde van die stryd-
waens Jo′safat sien, het hul-
le by hulleself gesê: “Dit is se-
kerlik die koning van Israel.”[q]
Daarom het hulle uitgedraai
om teen hom te veg; en Jo′-
safat het om hulp begin roep.[r]
**33** En toe die hoofde van die
strydwaens sien dat dit nie die
koning van Israel is nie, het hul-
le onmiddellik agter hom weg-
gedraai.[s]

**34** En ’n man het in sy on-
skuld die boog gespan, maar
hy het die koning van Israel
tussen die aanhangsels en die
pantser getref, sodat hy vir
sy strydwadrywer gesê het:[a]
“Draai om en neem my uit die
kamp, want ek is swaar ge-
wond.” **35** En die geveg het
dié dag al hoe hewiger geword,
en die koning moes in die stryd-
wa in ’n staande posisie ge-
hou word teenoor die Siriërs,
en in die aand het hy uiteinde-
lik gesterf;[b] en die bloed van die
wond het bly uitvloei in die bak
van die strydwa.[c] **36** En om-
streeks sonsondergang het die
luide uitroep deur die kamp be-
gin gaan, naamlik: “Elkeen na
sy stad, en elkeen na sy land!”[d]
**37** So het die koning gesterf.
Toe hy na Samari′a gebring is,
het hulle die koning in Sama-
ri′a begrawe.[e] **38** En hulle het
die strydwa by die dam van Sa-
mari′a begin afwas, en die hon-
de het sy bloed opgelek[f] (en die
prostitute het daar gebad), vol-
gens Jehovah se woord wat hy
gespreek het.[g]

**39** Wat die res van die aan-
geleenthede van Agab betref en
alles wat hy gedoen het en die
ivoorhuis[h] wat hy gebou het en
al die stede wat hy gebou het,
is dit nie opgeteken in die kro-
niekboek[i] van die konings van
Israel nie? **40** Uiteindelik het
Agab met sy voorvaders ont-
slaap;[j] en sy seun Aha′sia[k] het
in sy plek begin regeer.

**41** Wat Jo′safat,[l] die seun van
Asa, betref, hy het koning oor
Juda geword in die vierde jaar
van Agab, die koning van Israel.
**42** Jo′safat was vyf-en-dertig
jaar oud toe hy begin regeer
het, en hy het vyf-en-twintig
jaar in Jerusalem regeer; en sy
moeder se naam was Asu′ba, die
dogter van Silhi. **43** En hy het
in al die weë van sy vader Asa
bly wandel. Hy het nie daarvan

**HFST. 22**
a 1Kn 20:30
b 2Kr 18:24
c 2Kr 18:25
d Ro 9:18
e Heb 11:36
f Ps 104:15
g 2Kr 18:26
h Nu 16:29
i 2Kr 18:27
j 2Kr 18:28
k 1Sa 8:20
l 1Kn 22:10
m 2Kr 35:22, Spr 21:30
n 2Kr 18:29
o 1Kn 20:1
p 2Kr 18:30
q 2Kr 18:31
r Ps 50:15, Ps 91:15, Ps 130:1
s 2Kr 18:32

**Tweede kol.**
a 2Kr 18:33
b 1Kn 20:42, 2Kr 18:34
c Ge 9:6
d 1Kn 22:17
e 1Kn 16:28
f 1Kn 21:19
g De 32:35, Ps 119:89, Jes 14:27, Jes 46:10, Jes 48:3
h 1Kn 10:22, Ese 27:15
i 1Kn 14:19, 1Kn 16:5, 1Kn 16:27
j 1Kn 16:28
k 2Kn 1:2, 2Kr 20:35
l 1Kr 3:10, 2Kr 17:1, 2Kr 20:31, Mt 1:8

afgewyk nie, deur te doen wat
reg was in die oë van Jeho-
vah.[a] Net die hoogtes het nie
verdwyn nie. Die volk het nog
op die hoogtes offerandes ge-
bring en offerrook laat opgaan.[b]
44 En Jo′safat het vreedsame
betrekkinge met die koning van
Israel behou.[c] 45 Wat die res
van die aangeleenthede van Jo′-
safat betref en die magtige dade
wat hy verrig het en hoe hy oor-
log gevoer het, is dit nie opgete-
ken in die kroniekboek[d] van die
konings van Juda nie? 46 En
die res van die manlike tempel-
prostitute[e] wat in die dae van sy
vader Asa oorgebly het, het hy
uit die land weggeruim.[f]

47 Wat ’n koning betref,
daar was nie een in Edom[g] nie;
’n plaasvervanger was koning.[h]

48 Jo′safat het Tarsisskepe[i]
gebou om na Ofir te gaan vir
goud; maar hulle het nie gegaan
nie, omdat die skepe by E′seon-
Ge′ber vergaan het.[j] 49 Toe
het Aha′sia, die seun van Agab,
vir Jo′safat gesê: “Laat my
knegte saam met u knegte op
die skepe gaan”, maar Jo′safat
wou nie.[a]

50 Uiteindelik het Jo′safat
met sy voorvaders ontslaap,[b]
en hy is by sy voorvaders begra-
we in die Stad van Dawid,[c] sy
voorvader; en sy seun Joram[d]
het in sy plek begin regeer.

51 Wat Aha′sia,[e] die seun
van Agab, betref, hy het in die
sewentiende jaar van Jo′safat,
die koning van Juda, koning oor
Israel geword in Samari′a, en
hy het twee jaar oor Israel re-
geer. 52 En hy het bly doen
wat sleg was[f] in Jehovah se
oë en het gewandel in die weg
van sy vader[g] en in die weg van
sy moeder[h] en in die weg van
Jero′beam,[i] die seun van Ne-
bat, wat Israel laat sondig het.[j]
53 En hy het voortgegaan om
Baäl te dien[k] en hom voor hom
neer te buig en Jehovah, die
God van Israel, aanstoot te gee[l]
volgens alles wat sy vader ge-
doen het.

HFST. 22
a 1Kn 15:11 2Kr 14:2 2Kr 14:11 2Kr 15:8 2Kr 17:3 Pr 12:13
b De 12:14 1Kn 14:23 1Kn 15:14 2Kn 12:3 2Kn 14:4 2Kn 15:4 2Kn 18:22 2Kr 20:33
c 2Kn 8:18 2Kr 18:1 2Kr 19:2
d 1Kn 14:29
e Le 20:13 Ro 1:27 1Ko 6:9 1Ti 1:10 Jud 7
f 1Kn 15:12
g Ge 36:1 Ge 36:9
h 2Sa 8:14 2Kn 8:20 Ps 108:9
i 1Kn 10:22 2Kr 9:21
j 1Kn 9:26 2Kr 20:37

Tweede kol.
a Spr 1:10 2Ko 6:14
b 1Kn 2:10 2Kr 21:1
c 1Kn 11:43 1Kn 14:31 1Kn 15:24
d 2Kn 8:16 2Kr 21:5
e 2Kn 1:2
f De 28:15
g 1Kn 16:30; 2Kn 8:27; 2Kr 22:3; h 1Kn 21:25; i 1Kn 12:28; 1Kn 13:33; j 1Kn 14:9; 2Kn 3:3; k Rig 2:11; 1Kn 16:32; 2Kn 1:2; l Eks 20:3; Eks 34:14.

DIE TWEEDE BOEK VAN

# KONINGS

of, volgens die Griekse *Septuagint,*
DIE VIERDE BOEK VAN KONINGS

1 En ná die dood van Agab
het Moab[a] teen Israel in op-
stand begin kom.[b]

2 Toe het Aha′sia deur die
traliewerk in sy dakvertrek,[c]
wat in Samari′a was, geval[d] en
siek geword. Daarop het hy
boodskappers gestuur en vir
hulle gesê: “Gaan raadpleeg[e]
Baäl-Sebub,[f] die god van Ek-
ron,[g] of ek van hierdie siekte
sal herstel.”[a] 3 Wat die engel[b]
van Jehovah betref, hy het vir
Eli′a, die Tisbiet,[c] gesê: “Staan
op, gaan die boodskappers van
die koning van Samari′a tege-
moet en sê vir hulle: ‘Is dit
omdat daar hoegenaamd geen
God[d] in Israel is nie dat julle

HFST. 1
a Ge 19:37 Nu 24:17 Ps 60:8
b 2Kn 3:5 2Kn 8:22
c Rig 3:20 1Kn 17:19
d Pr 9:11
e Eks 20:3 1Sa 15:23
f 2Kn 1:16
g Jos 13:3 1Sa 5:10

Tweede kol. a 1Sa 28:7; 1Kn 14:3; 2Kn 8:8; b 2Kn 1:15; Han 8:26; c 1Kn 17:1; d 1Kn 18:36; Jes 8:19; Jer 2:11; Jon 2:8.

Baäl-Sebub, die god van Ek-
ron, gaan raadpleeg? **4** Daar-
om dan, só het Jehovah gesê:
“Van die slaapbank waarop jy
geklim het, sal jy nie afkom nie,
want jy sal sekerlik sterf.” ’ ”[a]
Daarop het Eli′a weggegaan.

**5** Toe die boodskappers by
hom terugkom, het hy onmid-
dellik vir hulle gesê: “Waarom
het julle teruggekom?” **6** En
hulle het vir hom gesê: “ ’n Man
het ons tegemoetgekom, en hy
het vir ons gesê: ‘Gaan, keer te-
rug na die koning wat julle ge-
stuur het, en julle moet vir hom
sê: “Só het Jehovah gesê:[b] ‘Is dit
omdat daar hoegenaamd geen
God in Israel is nie dat jy stuur
om Baäl-Sebub, die god van Ek-
ron, te raadpleeg? Daarom sal
jy van die slaapbank waarop
jy geklim het, nie afkom nie,
want jy sal sekerlik sterf.’ ” ’ ”[c]
**7** Hierop het hy vir hulle ge-
sê: “Wat was die voorkoms van
die man wat julle tegemoetge-
kom het en toe hierdie woorde
met julle gespreek het?” **8** En
hulle het vir hom gesê: “ ’n
Man met ’n harige kleed,[d] met
’n leergordel om sy lendene ge-
gord.”[e] Onmiddellik het hy ge-
sê: “Dit was Eli′a, die Tisbiet.”

**9** En hy het ’n hoof oor vyf-
tig met sy vyftig na hom toe ge-
stuur.[f] Toe hy na hom toe op-
klim, het hy daar op die top van
die berg gesit. Hy het toe vir
hom gesê: “Man van die ware
God,[g] die koning het gesê: ‘Kom
af.’ ” **10** Maar Eli′a het geant-
woord en vir die hoof oor die
vyftig gesê: “As ek dan ’n man
van God is, laat daar vuur[h] uit
die hemel neerdaal en jou en
jou vyftig verteer.” En daar het
vuur uit die hemel neergedaal
en hom en sy vyftig verteer.[i]

**11** Toe het hy weer ’n ander
hoof oor vyftig met sy vyftig
na hom toe gestuur.[a] En hy het
hom geantwoord en vir hom ge-
sê: “Man van die ware God, só
het die koning gesê: ‘Kom gou
af.’ ”[b] **12** Maar Eli′a het ge-
antwoord en vir hulle gesê: “As
ek ’n man van die ware God
is, laat daar vuur uit die hemel
neerdaal en jou en jou vyftig
verteer.” En daar het vuur van
God uit die hemel neergedaal
en hom en sy vyftig verteer.

**13** En hy het weer ’n derde
hoof oor vyftig en sy vyftig ge-
stuur.[c] Maar die derde hoof
oor vyftig het opgeklim en ge-
kom en voor Eli′a neergekniel[d]
en hom om guns begin smeek[e]
en vir hom gesê: “Man van die
ware God, laat my siel[f] en die
siel van hierdie vyftig knegte
van u asseblief kosbaar[g] wees in
u oë. **14** Kyk, vuur het uit die
hemel neergedaal en die twee
vorige hoofde oor vyftig en hul-
le vyftigtalle verteer,[h] maar
laat my siel nou kosbaar wees in
u oë.”

**15** Daarop het die engel van
Jehovah vir Eli′a gesê: “Gaan
saam met hom af. Moenie vir
hom bang wees nie.”[i] En hy het
opgestaan en saam met hom
na die koning toe afgegaan.
**16** Toe het hy vir hom gesê:
“Só het Jehovah gesê: ‘Omdat
jy boodskappers gestuur het[j]
om Baäl-Sebub, die god van Ek-
ron,[k] te raadpleeg—is dit om-
dat daar hoegenaamd geen God
in Israel is wie se woord jy kan
raadpleeg nie? Daarom sal jy
van die slaapbank waarop jy ge-
klim het, nie afkom nie, want jy
sal sekerlik sterf.’ ” **17** En hy
het uiteindelik gesterf,[l] ooreen-
komstig die woord[m] van Jeho-
vah wat Eli′a gespreek het; en
Joram[n] het in sy plek begin re-
geer, in die tweede jaar van Jo-
ram,[o] die seun van Jo′safat, die

**HFST. 1**
a Spr 11:19, Spr 14:32, Pr 8:13
b Jes 46:10, Jes 55:11
c 1Kr 10:14
d 1Kn 19:19, Sag 13:4
e Mt 3:4, Heb 11:37
f Ps 105:15
g De 33:1, 1Sa 2:27
h Nu 11:1, Nu 16:35, Ps 106:18, Lu 9:54, Jud 7
i Spr 13:17

**Tweede kol.**
a Jes 26:11
b Ps 140:11, Spr 22:3
c Spr 27:22, Jer 5:3
d Mt 17:14, Mr 1:40, Mr 10:17
e Jes 60:14
f Ge 2:7
g 1Sa 26:21, Ps 72:14
h 2Kn 1:10
i Ps 27:1, Jer 1:17, Ese 2:6
j 2Kn 1:3
k Jos 13:3
l Spr 13:21
m Jes 44:26
n 2Kn 3:1, 2Kn 9:22
o 2Kn 8:16

koning van Juda, want hy het nie ’n seun gehad nie.

**18** Wat die res van die dinge betref wat Aha′sia[a] gedoen het, is dit nie opgeteken in die kroniekboek[b] van die konings van Israel nie?

**2** En toe Jehovah Eli′a[c] in ’n windstorm na die hemel sou opneem,[d] het Eli′a en Eli′sa[e] uit Gilgal[f] gegaan. **2** En Eli′a het vir Eli′sa begin sê: “Sit asseblief hier, want Jehovah het my tot by Bet-El gestuur.” Maar Eli′sa het gesê: “So waar as Jehovah lewe[g] en so waar as u siel lewe,[h] ek sal u nie verlaat nie.”[i] En hulle het na Bet-El afgegaan.[j] **3** Toe het die profeteseuns[k] wat in Bet-El was, na Eli′sa toe uitgekom en vir hom gesê: “Weet jy wel dat Jehovah vandag jou heer as hoof oor jou wegneem?”[l] Hierop het hy gesê: “Ook ek weet dit goed.[m] BLY stil.”

**4** Eli′a het toe vir hom gesê: “Eli′sa, sit asseblief hier, want Jehovah het my na Je′rigo[n] gestuur.” Maar hy het gesê: “So waar as Jehovah lewe en so waar as u siel lewe, ek sal u nie verlaat nie.” En hulle het in Je′rigo gekom. **5** Toe het die profeteseuns wat in Je′rigo was, na Eli′sa toe gekom en vir hom gesê: “Weet jy wel dat Jehovah vandag jou heer as hoof oor jou wegneem?” Hierop het hy gesê: “Ook ek weet dit goed. BLY stil.”[o]

**6** Eli′a het toe vir hom gesê: “Bly asseblief hier, want Jehovah het my na die Jordaan[p] gestuur.” Maar hy het gesê: “So waar as Jehovah lewe en so waar as u siel lewe, ek sal u nie verlaat nie.”[q] En hulle twee het verder gegaan. **7** En vyftig man van die profeteseuns het gegaan en op sigafstand bly staan;[a] maar wat hulle twee betref, hulle het by die Jordaan gestaan. **8** Toe het Eli′a sy ampskleed[b] geneem en dit opgerol en die waters geslaan, en dit is geleidelik na weerskante verdeel, sodat hulle twee op die droë grond deurgegaan het.[c]

**9** En net toe hulle deurgegaan het, het Eli′a vir Eli′sa gesê: “Vra wat ek vir jou moet doen voordat ek van jou af weggeneem word.”[d] Hierop het Eli′sa gesê: “Dat twee dele[e] van u gees[f] asseblief op my sal kom.”[g] **10** Daarop het hy gesê: “Jy het iets moeiliks gevra.[h] As jy my sien wanneer ek van jou af weggeneem word, sal dit so met jou gebeur; maar so nie, sal dit nie gebeur nie.”

**11** En terwyl hulle al pratende verder geloop het, kyk! toe was daar ’n strydwa[i] van vuur en perde van vuur, en dié het ’n skeiding tussen hulle twee gemaak; en Eli′a het in die windstorm na die hemel opgevaar.[j] **12** Die hele tyd het Eli′sa dit gesien, en hy het uitgeroep: “My vader, my vader,[k] die strydwa van Israel en sy ruiters!”[l] En hy het hom nie meer gesien nie. Gevolglik het hy sy eie klere gegryp en dit in twee stukke geskeur.[m] **13** Daarna het hy die ampskleed[n] van Eli′a wat van hom afgeval het, opgetel en teruggegaan en op die oewer van die Jordaan gaan staan. **14** Toe het hy die ampskleed van Eli′a wat van hom afgeval het, geneem en die waters[o] geslaan en gesê: “Waar is Jehovah, die God van Eli′a, ja Hy?”[p] Toe hy die waters slaan, is dit geleidelik na weerskante verdeel, sodat Eli′sa deurgegaan het.

**15** Toe die profeteseuns wat in Je′rigo was, hom van ver

**HFST. 1**
a 1Kn 22:51
b 1Kn 14:19; 1Kn 22:39

**HFST. 2**
c 1Kn 17:1
d 2Kn 2:11
e 1Kn 19:16
f 2Kn 4:38
g De 6:13; Jer 4:2; Jer 12:16
h 1Sa 17:55; 2Kn 4:30
i 2Sa 15:21; Spr 18:24
j Ge 28:19; 1Kn 12:29; 1Kn 13:1; 2Kn 2:23
k 1Kn 18:13; 1Kn 20:35; 2Kn 4:1
l 1Kn 19:16
m Am 3:7
n Jos 6:26; 1Kn 16:34
o 2Kn 2:3
p 2Sa 19:15
q Ge 32:26; Rut 1:16; 2Kn 2:2

**Tweede kol.**
a 1Kn 18:13
b 1Kn 19:19; 2Kn 2:13
c Eks 14:22; Jos 3:17; 2Kn 2:14; Ps 114:5; Jes 11:15
d Lu 24:51; Heb 7:7
e De 21:17
f De 34:9; Lu 1:17; Han 1:8; Han 8:17
g 1Kn 19:16
h Mt 7:7; 1Jo 5:14
i 2Kn 6:17; Ps 68:17; Hab 3:8
j 2Kr 21:12
k 2Kn 5:13; Han 7:2; 1Ko 4:15
l 2Kn 13:14
m 2Sa 1:11; Job 1:20
n 1Kn 19:19; 2Kn 1:8; Sag 13:4; Mt 3:4
o Jos 3:13; 2Kn 2:8
p 1Kn 18:36; Heb 10:39

af sien, het hulle begin sê: “Die
gees[a] van Eli′a rus op Eli′sa.”
Daarop het hulle hom tege-
moetgekom en hulle voor hom
na die aarde neergebuig.[b]
**16** En hulle het vir hom gesê:
“Kyk tog, hier is by u knegte
vyftig manne, dapper persone.
Laat hulle asseblief u heer gaan
soek. Miskien het die gees[c] van
Jehovah hom opgelig en hom
daarna op een van die berge
of in een van die valleie ge-
werp.” Maar hy het gesê: “Jul-
le moet hulle nie stuur nie.”
**17** En hulle het by hom bly aan-
dring totdat hy verleë geword
het, sodat hy gesê het: “Stuur.”
Hulle het toe vyftig manne ge-
stuur; en hulle het drie dae lank
gesoek, maar hulle het hom nie
gevind nie. **18** Toe hulle na
hom terugkeer, het hy in Je′ri-
go[d] gewoon. Toe het hy vir hul-
le gesê: “Het ek nie vir julle ge-
sê: ‘Moenie gaan nie’?”

**19** Na verloop van tyd het
die manne van die stad vir Eli′-
sa gesê: “Kyk tog, die ligging
van die stad is goed,[e] soos my
heer sien; maar die water[f] is
sleg, en die grond veroorsaak
miskrame.”[g] **20** Daarop het
hy gesê: “Gaan haal vir my ’n
nuwe bakkie en sit sout daar-
in.” En hulle het dit vir hom
gaan haal. **21** Toe het hy uit-
gegaan na die bron van die
water en sout daarin gegooi[h]
en gesê: “Só het Jehovah ge-
sê: ‘Ek maak hierdie water ge-
sond.[i] Dit sal nie meer die dood
of enige miskrame tot gevolg
hê nie.’ ” **22** En die water is
tot vandag toe nog gesond,[j] oor-
eenkomstig Eli′sa se woord wat
hy gespreek het.

**23** En hy het daarvandaan
na Bet-El[k] opgegaan. Terwyl hy
met die pad opgegaan het, het
seuntjies[l] uit die stad gekom en
hom begin bespot[a] en aanhou-
dend vir hom gesê: “Gaan op,
kaalkop![b] Gaan op, kaalkop!”
**24** Uiteindelik het hy omge-
draai en hulle gesien en in die
naam van Jehovah ’n vloek
oor hulle uitgespreek.[c] Toe het
twee berinne[d] uit die bos gekom
en twee-en-veertig van die kin-
ders verskeur.[e] **25** En hy het
daarvandaan verder gegaan na
die berg Karmel,[f] en daarvan-
daan het hy na Samari′a terug-
gekeer.

**3** Wat Joram,[g] die seun van
Agab, betref, hy het in die
agtiende jaar van Jo′safat, die
koning van Juda, koning oor Is-
rael geword in Samari′a, en hy
het twaalf jaar regeer. **2** En
hy het bly doen wat sleg was
in Jehovah se oë[h]—hoewel nie
soos sy vader[i] of soos sy moeder
nie—maar hy het die heilige
pilaar[j] van Baäl verwyder wat
sy vader gemaak het.[k] **3** Hy
het egter die sondes aangekleef
van Jero′beam,[l] die seun van
Nebat, waarmee hy Israel laat
sondig het.[m] Hy het nie daar-
van afgewyk nie.

**4** Wat Mesa,[n] die koning van
Moab, betref, hy het ’n skaap-
boer geword, en hy het die
koning van Israel honderd-
duisend lammers en honderd-
duisend ongeskeerde ramme
betaal. **5** En net nadat Agab
gesterf het,[o] het die koning
van Moab teen die koning van
Israel in opstand begin kom.[p]
**6** Gevolglik het koning Joram
dié dag uit Samari′a uitgetrek
en die hele Israel opgeroep.[q]
**7** Hy het verder gegaan en
toe na Jo′safat, die koning van
Juda, gestuur en gesê: “Die ko-
ning van Moab het teen my in
opstand gekom. Sal u saam met
my na Moab gaan om oorlog te
voer?” Hierop het hy gesê: “Ek

**HFST. 2**
a Nu 11:25, Nu 27:20, 2Kn 2:9, Jes 11:2
b Jos 4:14, Ro 12:10
c 1Kn 18:12
d Jos 6:26, 1Kn 16:34
e De 34:3
f Eks 15:23
g De 28:18, Ho 9:14
h Eks 15:25, 2Kn 4:41
i Ese 47:8
j Pr 3:14
k 2Kn 2:2
l Spr 20:11, Spr 22:15

**Tweede kol.**
a Ge 21:9, 2Kr 36:16, Lu 10:16, 1Te 4:8
b Jes 22:12
c Rig 9:20, Rig 9:57, 2Kn 1:10, Han 8:20
d Spr 17:12, Spr 28:15, Ho 13:8
e 1Kn 19:17, Spr 9:12, Spr 19:25, Spr 19:29, Na 1:2
f 2Kn 4:25

**HFST. 3**
g 2Kn 1:17
h Job 34:21
i 1Kn 16:30
j Eks 23:24, Eks 34:13
k 1Kn 16:33
l 1Kn 12:28, 2Kn 10:29
m 1Kn 14:16
n 2Kn 3:27
o 1Kn 22:37
p 2Sa 8:2, 2Kn 1:1
q 1Kn 20:27

sal gaan.[a] Ek is net soos u; my
volk is net soos u volk;[b] my per-
de is net soos u perde.” **8** En
hy het verder gesê: “Met presies
watter pad sal ons optrek?” Toe
het hy gesê: “Met die pad van
die wildernis van Edom.”[c]

**9** En die koning van Israel
en die koning van Juda en die
koning van Edom[d] het getrek,
en hulle het sewe dae lank op
hulle pad omgetrek, en daar
was geen water vir die kamp
en vir die mak diere wat in
hulle voetspore gevolg het nie.
**10** Eindelik het die koning van
Israel gesê: “Hoe jammer dat Je-
hovah hierdie drie konings ge-
roep het om hulle in die hand
van Moab te gee!”[e] **11** Daar-
op het Jo′safat gesê:[f] “Is hier
nie ’n profeet van Jehovah nie?[g]
Laat ons Jehovah dan deur
hom raadpleeg.”[h] Toe het een
van die knegte van die koning
van Israel geantwoord en gesê:
“Hier is Eli′sa,[i] die seun van Sa-
fat, wat water op die hande van
Eli′a uitgegooi het.”[j] **12** Toe
het Jo′safat gesê: “Die woord
van Jehovah is by hom.” Daarop
het die koning van Israel en Jo′-
safat en die koning van Edom
na hom toe afgegaan.

**13** En Eli′sa het vir die ko-
ning van Israel gesê: “Wat het
ek met u te doen?[k] Gaan na
die profete[l] van u vader en
na die profete van u moeder.”
Maar die koning van Israel het
vir hom gesê: “Nee, want Je-
hovah het hierdie drie konings
geroep om hulle in die hand
van Moab te gee.”[m] **14** Hier-
op het Eli′sa gesê: “So waar
as Jehovah van die leërs lewe[n]
voor wie ek staan, as dit nie
was dat ek vir die aangesig
van Jo′safat, die koning van
Juda, agting het nie,[o] sou ek
nie na u gekyk of u gesien het
nie.[a] **15** En gaan haal julle
nou vir my ’n snaarinstrument-
speler.”[b] En net toe die snaar-
instrumentspeler speel, het die
hand[c] van Jehovah op hom ge-
kom. **16** En hy het gesê: “Só
het Jehovah gesê: ‘Laat hierdie
stroomvallei vol vore gemaak
word;[d] **17** want só het Jeho-
vah gesê: “Julle sal geen wind
sien nie, en julle sal geen stort-
reën sien nie; tog sal hierdie
stroomvallei vol water word,[e]
en julle sal beslis daaruit drink,[f]
julle en julle vee en julle mak
diere.” ’ **18** En dit sal inder-
daad iets onbeduidends wees in
die oë van Jehovah,[g] en hy sal
Moab beslis in julle hand gee.[h]
**19** En julle sal elke versterkte
stad[i] en elke uitgesoekte stad
verslaan, en elke goeie[j] boom
moet julle afkap,[k] en al die wa-
terfonteine moet julle toestop,
en elke goeie stuk land moet
julle met klippe bederf.”

**20** En in die oggend,[l] teen
die tyd dat die graanoffer ge-
bring word,[m] kyk! toe het daar
water uit die rigting van Edom
gekom, en die land het vol wa-
ter geword.

**21** Wat al die Moabiete be-
tref, hulle het gehoor dat die
konings opgetrek het om teen
hulle te veg. Gevolglik het hulle
manne bymekaargeroep uit al-
mal wat ’n gordel aangord[n] en
wat ouer was, en hulle het by
die grens gaan staan. **22** Toe
hulle die oggend vroeg opstaan,
het die son op die water ge-
skyn, sodat die Moabiete van
die teenoorgestelde kant af
die water rooi soos bloed ge-
sien het. **23** En hulle het be-
gin sê: “Dit is bloed! Die konings
is ongetwyfeld met die swaard
doodgemaak, en hulle het me-
kaar verslaan. En nou, na die
buit,[o] o Moab!” **24** Toe hulle in

HFST. 3
a 2Kr 19:2
b 1Kn 22:4; 2Ko 6:14
c Nu 21:4
d 2Sa 8:14; 1Kn 22:47; Pr 4:12
e 1Kr 15:13; Ps 78:34; Spr 19:3; Jes 8:21
f 1Kn 22:7
g Am 3:7
h Rig 20:18
i 1Kn 19:16; 2Kn 2:15
j 1Kn 19:21; Lu 22:26
k 1Sa 2:30; Ese 14:3; 1Ko 10:21
l Rig 10:14; 1Kn 18:19; 1Kn 22:6; 1Kn 22:22
m De 32:39; Ho 6:1
n De 6:13; Jer 12:16
o 2Kr 17:3; 2Kr 19:4

Tweede kol.
a Job 34:18; Spr 15:29; Mi 3:4
b 1Sa 10:5; 1Kr 25:1
c 1Kn 18:46; Ese 1:3; Ese 3:14; Ese 8:1; Han 11:21
d Jer 14:3
e Ps 84:6; Ps 107:35
f Jes 41:17
g Jer 32:17; Mr 10:27
h De 28:7
i De 3:5
j De 20:19
k 2Kn 3:25
l Eks 29:39
m Eks 29:41
n 1Kn 20:11
o Eks 15:9; Rig 5:30

die kamp van Israel kom, het
die Israeliete[a] onmiddellik op-
gestaan en die Moabiete begin
verslaan sodat hulle voor hulle
gevlug het.[b] Hulle het derhalwe
in Moab gekom en die Moabie-
te verslaan sover hulle gegaan
het. **25** En hulle het die ste-
de afgebreek,[c] en op elke goeie
stuk land het elkeen sy klip ge-
gooi en dit vol gemaak; en hul-
le het elke waterfontein toege-
stop,[d] en hulle het elke goeie
boom afgekap,[e] totdat hulle net
die klippe van Kir-Hare′set[f]
daarin laat oorbly het; en die
slingeraars het dit begin omsin-
gel en dit verslaan.

**26** Toe die koning van Moab
sien dat die geveg vir hom te
sterk is, het hy dadelik sewe-
honderd man wat die swaard
kon trek, saam met hom ge-
neem om na die koning van
Edom[g] deur te breek; maar
hulle kon nie. **27** Uiteindelik
het hy sy eersgebore seun ge-
neem wat in sy plek sou re-
geer en hom as ’n brandoffer op
die muur geoffer.[h] En daar het
groot verontwaardiging teen
Israel ontstaan, sodat hulle van
hom weggetrek en na hulle land
teruggekeer het.

**4** En ’n sekere vrou uit die
vrouens van die profete-
seuns[i] het na Eli′sa geroep en
gesê: “U kneg, my man, is dood;
en u weet goed dat u kneg Jeho-
vah voortdurend gevrees het,[j]
en die skuldeiser[k] het gekom
om my twee kinders vir hom
as slawe te neem.” **2** Hierop
het Eli′sa vir haar gesê: “Wat
sal ek vir jou doen?[l] Sê vir
my; wat het jy in die huis?”
En sy het gesê: “U diensmei-
sie het hoegenaamd niks in
die huis nie, behalwe ’n getui-
te kruik met olie.”[m] **3** Toe het
hy gesê: “Gaan vra buite vir jou
houers, van al jou bure, leë hou-
ers. Moenie net ’n paar kry nie.
**4** En jy moet gaan en die deur
agter jou en jou seuns toemaak,
en jy moet in al hierdie houers
giet, en die volles moet jy opsy-
sit.” **5** Daarop het sy van hom
af weggegaan.

Toe sy die deur agter haar en
haar seuns toemaak, het hulle
die houers vir haar gebring, en
sy het ingegiet.[a] **6** En toe die
houers vol was, het sy vir haar
seun gesê: “Bring tog vir my
nog ’n houer.”[b] Maar hy het vir
haar gesê: “Daar is nie nog ’n
houer nie.” Daarop het die olie
opgehou.[c] **7** En sy het inge-
kom en dit vir die man van die
ware God vertel, en hy het toe
gesê: “Gaan verkoop die olie en
betaal jou skuld,[d] en jy en jou
seuns moet lewe van wat oor-
bly.”[e]

**8** En op ’n dag het Eli′sa ver-
bygegaan na Sunem,[f] waar daar
’n vooraanstaande vrou was, en
sy het by hom begin aandring[g]
om brood te eet. En elke keer
as hy verbygegaan het, het hy
daar ingegaan om brood te eet.
**9** Eindelik het sy vir haar man[h]
gesê: “Kyk tog, ek weet goed
dat dit ’n heilige man van God[i]
is wat voortdurend by ons langs
kom. **10** Laat ons asseblief ’n
klein dakvertrek[j] op die muur
maak en vir hom ’n slaapbank
en ’n tafel en ’n stoel en ’n lamp-
staander[k] daar sit; en wanneer
hy dan by ons kom, kan hy daar
ingaan.”[l]

**11** En op ’n dag het hy soos
gewoonlik daar gekom en in die
dakvertrek ingegaan en daar
gaan lê. **12** Toe het hy vir sy
dienaar Geha′si[m] gesê: “Roep
hierdie Sunammitiese[n] vrou.”
Daarop het hy haar geroep so-
dat sy voor hom kon staan.

**HFST. 3**
a 1Kn 12:19
b Le 26:7; 1Te 5:3
c Jes 37:26
d Ge 26:15; 2Kr 32:4
e 2Kn 3:19
f Jes 15:1; Jes 16:7
g 2Kn 3:9
h De 12:31; 1Kn 11:7; 2Kn 17:17; 2Kr 28:3; Ps 106:37; Jer 7:31; Ese 16:20; 1Ko 10:20

**HFST. 4**
i 2Kn 2:3; 2Kn 2:5
j 1Kn 19:18; Spr 8:13
k 1Sa 22:2
l Spr 3:27; Ga 6:10; Heb 13:16; Jak 1:27
m 1Kn 17:12

**Tweede kol.**
a Mr 6:41; Mr 8:6; Joh 2:9
b Mt 14:19; Mt 15:37
c Jos 5:12; 1Kn 17:14; Joh 6:12
d Ps 37:21; Ro 13:8
e Ps 128:4
f Jos 19:18; 1Kn 1:3; Hgl 6:13
g Ge 19:3; Rig 13:15; Han 16:15
h Spr 31:11; 1Ko 11:3
i 2Kn 2:9
j Rig 3:20; 1Kn 17:19
k Mr 4:21
l Mt 10:41; Ro 12:13; Heb 13:2
m 2Kn 4:29; 2Kn 5:20; 2Kn 5:27; 2Kn 8:4
n Jos 19:18; 1Sa 28:4

**13** Toe het hy vir hom gesê:
“Sê asseblief vir haar: ‘Kyk, jy
het jou moeite aangedoen met
al hierdie moeite ter wille van
ons.[a] Wat kan daar vir jou ge-
doen word?[b] Kan daar vir jou
met die koning[c] of die leërhoof[d]
oor iets gepraat word?’ ” Hierop
het sy gesê: “Ek woon onder my
eie volk.”[e] **14** En hy het gesê:
“Wat kan daar dan vir haar ge-
doen word?” Geha′si het toe ge-
sê: “Sy het glad nie ’n seun nie,[f]
en haar man is oud.” **15** On-
middellik het hy gesê: “Roep
haar.” Daarop het hy haar ge-
roep, en sy het by die ingang
bly staan. **16** Toe het hy ge-
sê: “Op dié vasgestelde tyd vol-
gende jaar sal jy ’n seun om-
hels.”[g] Maar sy het gesê: “Nee,
my heer, o man van die ware
God! Moenie leuens vertel in
verband met u diensmeisie nie.”

**17** Die vrou het egter swan-
ger geword en op dié vasge-
stelde tyd die volgende jaar
aan ’n seun geboorte gegee,[h]
net soos Eli′sa vir haar gesê
het.[i] **18** En die kind het gro-
ter geword, en op ’n dag het
hy soos gewoonlik na sy vader
uitgegaan, wat by dié was wat
oes.[j] **19** En hy het vir sy va-
der bly sê: “My kop, o my kop!”[k]
Uiteindelik het hy vir die die-
naar gesê: “Dra hom na sy moe-
der toe.”[l] **20** Daarop het hy
hom gedra en hom na sy moe-
der toe gebring. En hy het tot
die middaguur op haar knieë
bly sit, en uiteindelik het hy
gesterf.[m] **21** Toe het sy opge-
gaan en hom op die slaapbank[n]
van die man van die ware God[o]
neergelê en die deur toege-
maak en uitgegaan. **22** Sy het
toe haar man geroep en gesê:
“Stuur tog asseblief vir my een
van die dienaars en een van
die eselinne, en laat my gou tot
by die man van die ware God
gaan en terugkeer.”[a] **23** Maar
hy het gesê: “Waarom gaan jy
vandag na hom toe? Dit is nie
’n nuwemaan[b] of ’n sabbat nie.”
Sy het egter gesê: “Wees gerus.”
**24** Toe het sy die eselin[c] opge-
saal en vir haar dienaar gesê:
“Jaag haar aan en gaan voort.
Moet haar nie ter wille van my
inhou in die ry nie, tensy ek vir
jou so sê.”

**25** En sy het gegaan en by
die man van die ware God by
die berg Karmel gekom. En toe
die man van die ware God haar
in die verte sien, het hy onmid-
dellik vir sy dienaar Geha′si ge-
sê:[d] “Kyk! Daar is die Sunammi-
tiese vrou. **26** Hardloop haar
nou asseblief tegemoet en sê
vir haar: ‘Gaan dit goed met
u? Gaan dit goed met u man?
Gaan dit goed met die kind?’ ”
Hierop het sy gesê: “Dit gaan
goed.” **27** Toe sy by die man
van die ware God by die berg
kom, het sy dadelik sy voete
vasgegryp.[e] Hierop het Geha′-
si nader gekom om haar weg
te stoot,[f] maar die man van die
ware God[g] het gesê: “Laat haar
staan,[h] want haar siel is bitter[i]
in haar; en Jehovah het dit vir
my verberg[j] en my dit nie mee-
gedeel nie.” **28** Sy het toe ge-
sê: “Het ek deur my heer ’n
seun gevra? Het ek nie gesê: ‘U
moenie by my ’n valse hoop wek
nie’?”[k]

**29** Onmiddellik het hy vir
Geha′si gesê:[l] “Omgord jou len-
dene[m] en neem my staf[n] in jou
hand en gaan. As jy iemand
teëkom, moet jy hom nie groet
nie;[o] en as iemand jou groet,
moet jy hom nie antwoord nie.
En jy moet my staf op die gesig
van die seun sit.”[p] **30** Hierop
het die moeder van die seun ge-
sê: “So waar as Jehovah lewe[q]

**HFST. 4**
a Ro 16:6, Heb 6:10
b 2Kn 2:9, 2Kn 4:2
c 2Kn 8:3
d 2Kn 9:5
e 2Kn 8:1
f Ge 15:2, Ge 30:1
g Ge 18:10
h Ps 127:3, Mt 10:41
i De 18:22
j Mt 13:30
k Job 14:1
l Jes 49:15, Jes 66:13
m 1Kn 17:17, Pr 9:12
n 2Kn 4:10
o 2Kn 4:9

**Tweede kol.**
a Joh 11:3, Han 9:38
b Nu 10:10, Nu 28:11, Ese 46:3
c Eks 4:20, 1Sa 25:20
d 2Kn 4:12
e Mt 28:9
f Mr 10:13
g 2Kn 4:9
h Job 29:25, 2Ko 1:4, 1Te 5:11
i Spr 15:13, Spr 17:22
j Ge 18:17, Am 3:7
k 2Kn 4:16
l 2Kn 4:12
m 1Kn 18:46
n Eks 4:17
o Lu 10:4
p Han 19:12
q De 6:13, Jer 12:16

en so waar as u siel lewe,[a] ek
sal u nie verlaat nie.”[b] Daar-
om het hy opgestaan en saam
met haar gegaan. **31** En Ge-
ha′si het voor hulle uit gegaan
en toe die staf op die seun se
gesig gesit, maar daar was geen
stem nie en daar is geen aandag
geskenk nie.[c] Daarop het hy te-
ruggegaan, hom tegemoet, en
hom vertel en gesê: “Die seun
het nie wakker geword nie.”[d]

**32** Eindelik het Eli′sa in die
huis ingekom, en kyk, die seun
was dood, op sy slaapbank neer-
gelê.[e] **33** Toe het hy ingekom
en die deur agter hulle twee
toegemaak[f] en tot Jehovah be-
gin bid.[g] **34** Uiteindelik het
hy opgeklim en op die kind
gaan lê[h] en sy mond op dié se
mond en sy oë op dié se oë en
sy palms op dié se palms ge-
sit en oor hom gebuig gebly, en
die kind se vlees het geleide-
lik warm geword. **35** Toe het
hy weer in die huis begin loop,
een keer heen en weer, waar-
na hy opgeklim en oor hom ge-
buig het. En die seun het begin
nies, tot sewe keer toe, waarna
die seun sy oë oopgemaak het.[i]
**36** Hy het Geha′si toe geroep
en gesê: “Roep hierdie Sunam-
mitiese[j] vrou.” Daarop het hy
haar geroep, en sy het by hom
gekom. Toe het hy gesê: “Tel
jou seun op.”[k] **37** En sy het
ingekom en voor sy voete geval
en haar voor hom na die aar-
de neergebuig,[l] waarna sy haar
seun opgetel en uitgegaan het.[m]

**38** En Eli′sa het na Gilgal te-
ruggekeer,[n] en daar was hon-
gersnood[o] in die land. Terwyl
die profeteseuns[p] voor hom ge-
sit het,[q] het hy na ’n ruk vir
sy dienaar gesê:[r] “Sit die groot
kookpot op en kook ’n gereg
vir die profeteseuns.”[s] **39** Toe
het een na die veld uitgegaan
om kiesieblaarvrugte[a] te pluk,
en hy het ’n wilde rankplant ge-
vind en daarvan sy kleed vol
wilde kalbasse gepluk en toe ge-
kom en dit in die kookpot inge-
sny, want hulle het dit nie ge-
ken nie. **40** Later het hulle
dit vir die manne opgeskep om
te eet. En net toe hulle van
die gereg eet, het hulle uitge-
roep en begin sê: “Die dood is
in die pot,[b] o man van die
ware God.”[c] En hulle kon dit
nie eet nie. **41** Toe het hy ge-
sê: “GAAN HAAL dan meel.” Na-
dat hy dit in die pot gegooi het,
het hy gesê: “Skep vir die men-
se op sodat hulle kan eet.” En
daar was niks skadeliks in die
pot nie.[d]

**42** En daar het ’n man uit
Baäl-Sali′sa[e] gekom, en hy het
vir die man van die ware God
brood gebring[f] van die eerste
ryp vrugte,[g] twintig garsbro-
de,[h] en nuwe graan in sy brood-
sak. Toe het hy gesê: “Gee dit
vir die mense sodat hulle kan
eet.”[i] **43** Sy bediende het eg-
ter gesê: “Hoe sal ek dit aan
honderd man voorsit?”[j] Hier-
op het hy gesê: “Gee dit vir
die mense sodat hulle kan eet,
want só het Jehovah gesê: ‘Daar
sal geëet en oorgehou word.’ ”[k]
**44** Daarop het hy dit aan hul-
le voorgesit, en hulle het begin
eet, en hulle het oorgehou vol-
gens die woord van Jehovah.[l]

**5** En ’n sekere Naäman,[m] die
leërhoof van die koning van
Sirië, het ’n groot man voor sy
heer geword en was hoog in
aansien, want deur hom het Je-
hovah aan Sirië redding gegee;[n]
en die man was ’n dapper, sterk
man, hoewel hy melaats was.
**2** En wat die Siriërs betref, hul-
le het as rowerbendes[o] uitge-
trek, en hulle het ’n meisietjie

HFST. 4

a 1Sa 1:26; 2Kn 2:4
b Mt 15:28; Joh 11:40
c Mt 17:16; Mr 9:18
d Mr 5:39; Lu 8:52; Joh 11:11
e 2Kn 4:21
f 1Kn 17:19; Mt 6:6
g 1Kn 17:20; Joh 11:41; Han 9:40
h 1Kn 17:21; Han 20:10
i 2Kn 8:1; 2Kn 8:5
j 2Kn 4:12
k Heb 11:35
l 1Sa 25:23
m 1Kn 17:24; Han 20:12
n 2Kn 2:1
o De 28:23; 2Kn 8:1; Ese 14:13
p 2Kn 2:3; 2Kn 2:5
q Spr 8:34; Han 22:3
r 2Kn 4:12
s Ps 37:19; Ps 37:25

Tweede kol.

a Jes 26:19
b Job 12:11
c 1Kn 17:24; Jes 44:26
d Eks 15:25; 2Kn 2:21
e 1Sa 9:4
f Heb 13:16
g Eks 23:16; 1Sa 9:7; Ga 6:6
h De 8:8; Joh 6:9
i 1Ko 9:11
j Mt 14:17; Mr 8:4
k Ps 132:15; Mt 14:20; Mr 8:8
l Lu 9:17; Joh 6:13

HFST. 5

m 2Kn 5:14; Lu 4:27
n Spr 21:31
o Rig 9:34; 1Sa 13:17; 2Kn 6:23

uit die land van Israel gevange
geneem,[a] en sy het voor Naä-
man se vrou gekom. 3 Na ver-
loop van tyd het sy vir haar
meesteres gesê:[b] "Was my heer
tog maar voor die profeet[c] wat
in Samari′a is! Dan sou hy hom
van sy melaatsheid genees."[d]
4 Daarna het iemand gekom en
sy heer meegedeel en gesê: "So
en so het die meisie gesê[e] wat
uit die land van Israel kom."

5 Toe het die koning van Si-
rië gesê: "Gaan dan! Kom, en
laat ek 'n brief aan die koning
van Israel stuur." En hy het ge-
gaan en tien talente silwer en
sesduisend stukke goud[f] en tien
stelle klere[g] in sy hand ge-
neem.[h] 6 En hy het vir die
koning van Israel die brief[i] ge-
bring wat gesê het: "Saam met
hierdie brief aan u stuur ek dan
nou my kneg Naäman na u toe,
sodat u hom van sy melaats-
heid kan genees." 7 En net
nadat die koning van Israel die
brief gelees het, het hy onmid-
dellik sy klere geskeur[j] en gesê:
"Is ek God,[k] om dood te maak
en om in die lewe te hou?[l] Want
hierdie man stuur na my om 'n
man van sy melaatsheid te ge-
nees; want LET asseblief net op
en sien hoe hy rusie met my
soek."[m]

8 En toe Eli′sa, die man van
die ware God, hoor dat die ko-
ning van Israel sy klere ge-
skeur het,[n] het hy dadelik na
die koning gestuur en gesê:
"Waarom het u u klere ge-
skeur? Laat hom asseblief na
my toe kom sodat hy kan weet
dat daar 'n profeet in Israel is."[o]
9 Toe het Naäman met sy perde
en sy strydwaens gekom en by
die ingang van die huis van Eli′-
sa gaan staan. 10 Eli′sa het
egter 'n boodskapper na hom
toe gestuur en gesê: "Gaan bad[p]
sewe keer[a] in die Jordaan so-
dat jou vlees na jou kan terug-
keer;[b] en wees rein." 11 Hier-
op het Naäman verontwaardig
geraak[c] en aanstaltes gemaak
om weg te gaan en gesê: "Kyk,
ek het by myself gesê:[d] 'Hy sal
uitkom tot hier by my en sal be-
slis staan en die naam van Jeho-
vah sy God aanroep en sy hand
heen en weer oor die plek be-
weeg en die melaatse genees.'
12 Is die Aba′na en die Farpar,
die riviere van Damaskus,[e] nie
beter as al die waters[f] van Is-
rael nie? Kan ek nie in hulle bad
en beslis rein wees nie?"[g] Daar-
op het hy omgedraai en in woe-
de weggegaan.[h]

13 Sy knegte het toe nader
gekom en met hom gepraat en
gesê: "My vader,[i] sou u nie, as
die profeet iets groots vir u ge-
sê het, dit gedoen het nie? Hoe-
veel te meer dan aangesien hy
vir u gesê het: 'Bad en wees
rein'?" 14 Daarop het hy af-
gegaan en hom sewe keer in
die Jordaan gedompel volgens
die woord van die man van die
ware God;[j] waarna sy vlees te-
ruggekeer het soos die vlees
van 'n seuntjie[k] en hy rein ge-
word het.[l]

15 Toe het hy teruggegaan
na die man van die ware God,[m]
hy met sy hele kamp, en ge-
kom en voor hom gaan staan
en gesê: "Kyk, nou weet ek be-
slis dat daar op die hele aarde
geen God is nie, behalwe in Is-
rael.[n] En aanvaar nou asseblief
'n seëngeskenk[o] van u kneg."
16 Maar hy het gesê: "So waar
as Jehovah lewe[p] voor wie ek
staan, ek sal dit nie aanvaar
nie."[q] En hy het by hom be-
gin aandring om dit te aanvaar,
maar hy het bly weier. 17 Uit-
eindelik het Naäman gesê: "So
nie, laat daar asseblief aan u

**HFST. 5**
a 1Sa 30:2
b Ps 148:12, Ps 148:13
c Nu 11:29, 1Kn 19:16
d Mt 8:2, Mt 11:5, Lu 4:27
e Ps 8:2
f 1Kn 10:16
g Ge 45:22, Rig 14:12
h Nu 22:7, 1Sa 9:8
i 2Sa 11:14
j Nu 14:6, Mt 26:65
k Ge 30:2, De 32:39
l 1Sa 2:6, Da 5:19, Ho 6:1
m 2Sa 10:3, Pr 7:9
n Job 2:12
o 1Kn 17:24, 1Kn 19:16, 2Kn 3:12, 2Kn 4:9, 2Kn 6:32, 2Kn 8:4
p De 8:2, Joh 9:7

**Tweede kol.**
a Le 14:7, Nu 19:4
b Eks 4:7
c Spr 8:13, Jak 4:10
d Jes 55:8
e 2Sa 8:5, Han 9:2
f Jos 3:15
g Jon 2:8
h Spr 14:17, Pr 7:9
i 2Kn 2:12, 2Kn 6:21
j 2Kn 5:10, 2Kr 20:20, 1Pe 5:5
k Job 33:25
l Lu 4:27, Lu 5:13
m Lu 17:15
n Ps 96:5, Jes 43:10, Jes 44:6, Jes 45:5, 1Ko 8:4
o 1Sa 25:27
p De 6:13, Jer 12:16
q Mt 10:8, 1Ko 9:18, 2Ko 11:9, Op 22:17

kneg grond[a] gegee word, die vrag van ’n paar muile; want u kneg sal nie meer ’n brandoffer of ’n offerande aan enige ander god as aan Jehovah bring nie.[b] **18** Mag Jehovah u kneg in hierdie saak vergewe: Wanneer my heer in die huis van Rimmon[c] inkom om hom daar neer te buig, en hy op my hand steun,[d] en ek my in die huis van Rimmon moet neerbuig,[e] mag Jehovah u kneg asseblief in hierdie opsig vergewe wanneer ek my in die huis van Rimmon neerbuig.”[f] **19** Hierop het hy vir hom gesê: “Gaan in vrede.”[g] En hy het ’n goeie ent van hom af weggegaan.

**20** Toe het Geha′si,[h] die dienaar van Eli′sa, die man van die ware God,[i] gesê: “Kyk, my heer het hierdie Siriër Naäman[j] gespaar deur nie uit sy hand te aanvaar wat hy gebring het nie. So waar as Jehovah lewe,[k] ek sal agter hom aan hardloop en iets van hom neem.”[l] **21** En Geha′si het Naäman agternagesit. Toe Naäman iemand agter hom aan sien hardloop, het hy dadelik van sy strydwa afgeklim om hom tegemoet te gaan en toe gesê: “Is alles in orde?”[m] **22** Hierop het hy gesê: “Alles is in orde. My heer[n] het my gestuur[o] om te sê: ‘Kyk! Daar het nou net uit die bergstreek van E′fraim twee jong manne uit die profeteseuns by my gekom.[p] Gee tog asseblief vir hulle ’n talent silwer en twee stelle klere.’ ”[q] **23** Daarop het Naäman gesê: “Kom nou, neem twee talente.” En hy het by hom bly aandring[r] en uiteindelik twee talente silwer in twee sakke toegebind, met twee stelle klere, en dit vir twee van sy dienaars gegee, sodat hulle dit voor hom uit kon dra.

**24** Toe hy by Ofel kom, het hy dit onmiddellik uit hulle hand geneem en dit in die huis neergesit[a] en die manne weggestuur. En hulle het weggegaan. **25** En hy het ingekom en by sy heer gaan staan.[b] Eli′sa het toe vir hom gesê: “Waar het jy vandaan gekom, Geha′si?” Maar hy het gesê: “U kneg het nêrens heen gegaan nie.”[c] **26** Daarop het hy vir hom gesê: “Het my hart nie saamgegaan toe die man omgedraai het om van sy strydwa af te klim om jou tegemoet te gaan nie? Is dit ’n tyd om silwer te aanvaar of om klere of olyfboorde of wingerde of skape of beeste of diensknegte of diensmeisies te aanvaar?[d] **27** Daarom sal die melaatsheid[e] van Naäman jou en jou nageslag tot onbepaalde tyd aankleef.”[f] Onmiddellik het hy van hom uitgegaan, ’n melaatse, wit soos sneeu.[g]

**6** En die profeteseuns[h] het vir Eli′sa begin sê: “Kyk tog! Die plek[i] waar ons voor u woon, is vir ons te klein.[j] **2** Laat ons asseblief tot by die Jordaan gaan en elkeen ’n balk daarvandaan gaan haal en vir ons[k] daar ’n plek maak om in te woon.” Toe het hy gesê: “Gaan.” **3** En een het gesê: “Kom nou, asseblief, en gaan saam met u knegte.” Daarop het hy gesê: “Ek sal gaan.” **4** Toe het hy saam met hulle gegaan, en hulle het uiteindelik by die Jordaan gekom en die bome begin afkap.[l] **5** En een het sy balk gekap, en die bylkop[m] het in die water geval. En hy het begin uitroep en gesê: “Ag, my heer,[n] dit is geleen!”[o] **6** Toe het die man van die ware God gesê: “Waar het dit geval?” En hy het hom die plek gewys.

HFST. 5

a Eks 20:24; Eks 20:25
b 1Te 1:9
c Jer 10:14; 1Ko 8:5
d 2Kn 7:2
e Eks 20:5; 1Kn 19:18; 2Kn 17:35
f 2Kr 30:18; 2Kr 30:19
g 2Sa 3:22
h 2Kn 4:12; 2Kn 8:4
i 1Kn 17:24; Jes 44:26
j 2Kn 5:1; Lu 4:27
k 2Sa 12:5
l Ps 10:3; Jer 17:9; Lu 12:15; 1Ti 6:10
m 2Kn 4:26
n 2Kn 2:3
o Joh 8:44; Ef 4:25
p Spr 6:17; Spr 21:6; Kol 3:9
q 2Kn 5:5
r 2Kn 5:16

Tweede kol.

a Jos 7:21
b 2Kn 2:3; Jer 6:15
c Ps 63:11; Spr 12:19; Spr 12:22; Jes 59:3; Ho 12:8; Han 5:9
d Mt 10:8; Joh 12:6; Han 20:33
e 2Kn 5:1; 1Ti 6:9
f 2Sa 3:29
g Eks 4:6; Nu 12:10; Spr 21:6

HFST. 6

h 2Kn 2:3; 2Kn 2:5; 2Kn 9:1
i 2Kn 4:38
j Jes 49:20
k 2Ko 9:8; 2Te 3:8
l De 19:5
m Jes 10:34
n 2Kn 6:15
o Eks 22:14; 2Kn 4:7

Onmiddellik het hy ’n stuk
hout afgekap en dit daar gegooi
en die bylkop laat dryf.[a] **7** Hy
het toe gesê: “Haal dit vir jou
uit.” Dadelik het hy sy hand
uitgesteek en dit geneem.

**8** En wat die koning van Si-
rië[b] betref, hy het in oorlog met
Israel gewikkel geraak. Gevolg-
lik het hy met sy knegte be-
raadslaag[c] en gesê: “Op dié en
dié plek moet julle saam met
my kamp opslaan.”[d] **9** Toe
het die man van die ware God[e]
na die koning van Israel ge-
stuur en gesê: “Pas op dat u nie
by dié plek verbytrek nie,[f] want
die Siriërs trek daarheen af.”[g]
**10** Die koning van Israel het
dus na die plek gestuur wat die
man van die ware God aan hom
genoem het.[h] En hy het hom ge-
waarsku,[i] en hy het daar weg-
gebly, nie net een keer of twee
keer nie.

**11** Gevolglik het die hart
van die koning van Sirië woe-
dend geword oor dié saak,[j] so-
dat hy sy knegte geroep en vir
hulle gesê het: “Sal julle my nie
vertel wie van dié wat tot ons
behoort, vir die koning van Is-
rael is nie?”[k] **12** Toe het een
van sy knegte gesê: “Nie een
nie, my heer die koning, maar
die profeet Eli′sa[l] wat in Israel
is, deel die koning van Israel die
dinge mee[m] wat u in u binneste
slaapkamer sê.”[n] **13** Toe het
hy gesê: “GAAN kyk waar hy is,
sodat ek hom kan laat haal.”[o]
Later is aan hom berig gebring
en gesê: “Kyk, hy is in Dotan.”[p]
**14** Onmiddellik het hy perde en
strydwaens en ’n swaar krygs-
mag[q] daarheen gestuur; en hul-
le het in die nag gekom en die
stad omsingel.

**15** Toe die dienaar[r] van die
man van die ware God vroeg op-
staan en uitgaan, kyk, toe was
die stad omsingel deur ’n krygs-
mag met perde en strydwaens.
Dadelik het sy dienaar vir hom
gesê: “Ag, my heer![a] Wat sal ons
doen?” **16** Maar hy het gesê:
“Moenie bang wees nie,[b] want
dié wat by ons is, is meer as dié
wat by hulle is.”[c] **17** En Eli′-
sa het begin bid[d] en gesê: “O
Jehovah, open asseblief sy oë,[e]
sodat hy kan sien.” Onmiddel-
lik het Jehovah die dienaar se
oë geopen, sodat hy gesien het;
en kyk! die bergstreek was vol
perde en strydwaens[f] van vuur
rondom Eli′sa.[g]

**18** Toe hulle na hom toe be-
gin afkom, het Eli′sa tot Je-
hovah gebid en gesê: “Slaan
hierdie nasie asseblief met
blindheid.”[h] Toe het hy hulle
met blindheid geslaan volgens
die woord van Eli′sa. **19** Eli′sa
het toe vir hulle gesê: “Dit is nie
die pad nie, en dit is nie die stad
nie. Volg my, en laat ek julle lei
na die man wat julle soek.” Hy
het hulle egter na Samari′a[i] ge-
lei.

**20** En net toe hulle in Sa-
mari′a aankom, het Eli′sa gesê:
“O Jehovah, open hulle oë sodat
hulle kan sien.”[j] Onmiddellik
het Jehovah hulle oë geopen, en
hulle het gesien; en kyk, hulle
was in die middel van Samari′a.
**21** Net toe die koning van Is-
rael hulle sien, het hy vir Eli′sa
gesê: “Moet ek hulle doodmaak,
moet ek hulle doodmaak,[k] my
vader?”[l] **22** Maar hy het ge-
sê: “Jy mag hulle nie doodmaak
nie. Maak jy dié dood wat jy
met jou swaard en met jou boog
gevange geneem het?[m] Sit aan
hulle brood en water voor so-
dat hulle kan eet en drink[n] en
na hulle heer toe kan gaan.”
**23** Toe het hy vir hulle ’n groot
rowerbendes[g] van die Moabie-
te[h] het met die ingang van die
jaar gereeld die land ingekom.
**21** En terwyl hulle 'n man be-
grawe het, kyk, toe het hulle
die rowerbende gesien. Dadelik
het hulle die man in Eli′sa se
graf gegooi en weggegaan. Toe
die man aan die beendere van
Eli′sa raak, het hy onmiddellik
lewend geword[i] en op sy voete
gaan staan.[j]

**22** Wat Ha′sael,[k] die koning
van Sirië, betref, hy het Israel
al die dae van Jo′ahas onder-
druk.[l] **23** Maar Jehovah het
aan hulle guns betoon[m] en was
hulle barmhartig[n] en het hom
tot hulle gewend ter wille van
sy verbond[o] met Abraham,[p]
Isak[q] en Jakob;[r] en hy wou hulle
nie verdelg nie,[s] en hy het hul-
le tot nou toe nie voor sy aan-
gesig weggewerp nie. **24** Uit-
eindelik het Ha′sael, die koning

**HFST. 13**
a 1Kn 14:19; 2Kn 10:34
b 2Kn 10:35
c 2Kn 14:8
d 2Kn 14:1
e 2Kn 13:2; Ho 5:11
f 2Kn 10:29
g 2Kn 14:8; 2Kn 14:13; 2Kr 25:17
h 1Kn 14:19; 2Kn 10:34
i 2Kn 14:28
j 2Kn 10:35; 2Kn 13:9
k 1Kn 19:16; 2Kn 5:8
l Sag 1:5
m 2Kn 5:13
n 2Kn 2:12
o Ps 144:1

**Tweede kol.**
a Ps 18:14
b 1Sa 29:1; 1Kn 20:26
c Ga 6:9
d Jes 44:26
e 2Kn 13:25
f Ps 139:8
g 2Kn 24:2
h 2Kn 1:1
i Joh 11:44; Heb 11:35
j Op 11:11
k 1Kn 19:15; 2Kn 10:32
l 2Kn 8:12; Ps 106:41
m Rig 10:16; 2Kn 14:27; Ne 9:31; Ps 86:15; Jes 30:18; Klg 3:32
n Ps 145:8; 2Ko 1:3; Ef 2:4
o Eks 2:24
p Ge 13:16; Ge 17:7; Ge 22:17; Eks 32:13
q Ge 26:3
r Ge 28:13; Le 26:42
s Ps 105:8; Mi 7:20; Heb 6:18

van Sirië, gesterf, en sy seun
Ben-Hadad het in sy plek begin
regeer. **25** En Joas, die seun
van Jo′ahas, het weer die ste-
de uit die hand van Ben-Hadad,
die seun van Ha′sael, terugge-
neem wat hy in die oorlog uit
die hand van sy vader Jo′ahas
geneem het. Drie keer het Joas
hom verslaan, en hy het die ste-
de van Israel herower.[a]

**14** In die tweede jaar van
Joas,[b] die seun van Jo′-
ahas, die koning van Israel, het
Ama′sia,[c] die seun van Joas, die
koning van Juda, koning ge-
word. **2** Hy was vyf-en-twin-
tig jaar oud toe hy begin regeer
het, en hy het nege-en-twintig
jaar in Jerusalem regeer. En sy
moeder se naam was Jo′addin,[d]
van Jerusalem. **3** En hy het
bly doen wat reg was in Jehovah
se oë,[e] maar nie soos sy voorva-
der Dawid nie.[f] Hy het ge-
doen volgens alles wat sy vader
Joas gedoen het.[g] **4** Net die
hoogtes het nie verdwyn nie.[h]
Die volk het nog op die hoog-
tes offerandes gebring en offer-
rook laat opgaan.[i] **5** En net
toe die koninkryk in sy hand
gevestig was, het hy sy kneg-
te begin doodmaak[j] wat die ko-
ning, sy vader, doodgemaak
het.[k] **6** En die kinders van die
moordenaars het hy nie dood-
gemaak nie, volgens wat in
die wetboek van Moses geskry-
we staan, waar Jehovah beveel
en gesê het:[l] “Vaders mag nie
vir kinders doodgemaak word
nie, en kinders mag nie vir
vaders doodgemaak word nie;
maar elkeen moet vir sy eie son-
de doodgemaak word.”[m] **7** Hy
het die Edomiete[n] in die Sout-
vallei[o] verslaan, tienduisend
man, en het Sela in die oorlog
verower, en dit word tot van-
dag toe Jok′teël genoem.

**8** Toe het Ama′sia boodskap-
pers na Joas, die seun van
Jo′ahas, die seun van Jehu,
die koning van Israel, ge-
stuur en gesê: “Kom tog. Laat
ons mekaar se aangesig sien.”[a]
**9** Daarop het Joas, die koning
van Israel, na Ama′sia, die ko-
ning van Juda, gestuur en ge-
sê: “Die doringrige onkruid wat
op die Li′banon was, het na die
seder[b] wat op die Li′banon was,
gestuur en gesê: ‘Gee tog jou
dogter aan my seun as vrou.’
Maar ’n wilde dier van die veld
wat op die Li′banon was, het
verbygegaan en die doringri-
ge onkruid vertrap.[c] **10** U het
Edom sonder twyfel verslaan,[d]
en u hart het u verhef.[e] Geniet
u eer[f] en woon in u eie huis.
Waarom sou u dan in onguns-
tige toestande[g] die stryd aan-
knoop[h] en moet val, u en Juda
saam met u?” **11** En Ama′sia
het nie geluister nie.[i]

Toe het Joas, die koning van
Israel, opgetrek, en hulle het
mekaar se aangesig gesien,[j]
hy en Ama′sia, die koning van
Juda, by Bet-Semes,[k] wat aan
Juda behoort. **12** En Juda is
voor Israel verslaan,[l] sodat hul-
le gevlug het, elkeen na sy tent.
**13** En Joas, die koning van Is-
rael, het Ama′sia, die koning
van Juda, die seun van Joas, die
seun van Aha′sia, by Bet-Semes
gevange geneem, waarna hulle
na Jerusalem gekom en hy ’n
gat in die muur van Jerusalem
gebreek het van die E′fraims-
poort[m] af tot by die Hoekpoort,[n]
vierhonderd el. **14** En hy het
al die goud en silwer geneem,
en al die voorwerpe wat in die
huis van Jehovah[o] en in die
skatte van die huis van die ko-
ning te vinde was, en die gyse-
laars, en toe na Samari′a terug-
gekeer.

**HFST. 13**
a 2Kn 13:19

**HFST. 14**
b 2Kn 13:10
c 1Kr 3:12
d 2Kr 25:1
e 2Kr 25:2
f 1Kn 15:5
g 2Kr 24:2; 2Kr 24:18; Sag 1:4
h 1Kn 15:14; 2Kn 12:3
i 2Kn 15:4; 2Kn 15:35
j Ge 9:6; Eks 21:12; Le 24:17; Nu 35:33
k 2Kn 12:20; 2Kr 24:25; 2Kr 25:3
l 2Kr 25:4
m De 24:16; Ese 18:20
n 2Kn 8:20; 2Kr 25:11
o 2Sa 8:13; 1Kr 18:12; Ps 60:Ops

**Tweede kol.**
a 2Sa 2:14; 2Kr 25:17; Spr 13:10; Spr 18:6
b Rig 9:15
c 2Kr 25:18
d 2Kn 14:7
e 2Kr 26:16; Spr 16:18; Hab 2:4; Ga 6:3; Jak 4:6
f 1Sa 18:8
g Lu 14:31
h 2Kr 35:21; Spr 3:30; Spr 20:3
i 2Kr 25:16; 2Kr 25:20
j 2Kr 25:21
k Jos 15:10; Jos 21:16; 1Sa 6:9; 1Kr 6:59
l 2Kr 25:22; Spr 16:18
m 2Kr 25:23; Ne 8:16; Ne 12:39
n Jer 31:38; Sag 14:10
o 2Kn 12:13

**15** Wat die res van die aange-
leenthede van Joas betref, wat
hy gedoen het en sy magtige
dade en hoe hy teen Ama′sia,
die koning van Juda, geveg het,
is dit nie opgeteken in die kro-
niekboek[a] van die konings van
Israel nie? **16** Uiteindelik het
Joas met sy voorvaders ont-
slaap,[b] en hy is in Samari′a[c] by
die konings van Israel begrawe,
en sy seun Jero′beam[d] het in sy
plek begin regeer.

**17** En Ama′sia,[e] die seun van
Joas, die koning van Juda, het
ná die dood van Joas,[f] die seun
van Jo′ahas, die koning van
Israel, nog vyftien jaar gele-
we.[g] **18** Wat die res van die
aangeleenthede van Ama′sia
betref, is dit nie opgeteken in
die kroniekboek[h] van die ko-
nings van Juda nie?[i] **19** Ein-
delik het hulle in Jerusalem in
’n sameswering teen hom ver-
enig,[j] en hy het na Lagis[k] ge-
vlug; maar hulle het hom laat
agtervolg na Lagis en hom daar
doodgemaak.[l] **20** Toe het hul-
le hom op perde vervoer, en hy
is in Jerusalem by sy voorva-
ders in die stad van Dawid[m] be-
grawe.[n] **21** Daarna het die
hele volk van Juda Asar′ja[o] ge-
neem, wat toe sestien jaar oud
was,[p] en hulle het hom koning
gemaak in die plek van sy va-
der Ama′sia.[q] **22** Hy het Elat[r]
gebou en het dit vir Juda terug-
gekry nadat die koning met sy
voorvaders ontslaap het.

**23** In die vyftiende jaar van
Ama′sia, die seun van Joas, die
koning van Juda, het Jero′be-
am,[s] die seun van Joas, die ko-
ning van Israel, koning geword
in Samari′a, een-en-veertig jaar
lank. **24** En hy het bly doen
wat sleg was in Jehovah se oë.
Hy het nie afgewyk van al die
sondes van Jero′beam, die seun
van Nebat, waarmee hy Israel
laat sondig het nie.[a] **25** Dit
was hy wat die grens van Is-
rael van die ingang van Ha-
mat[b] af tot by die see van die
A′raba[c] herstel het, volgens die
woord van Jehovah, die God
van Israel, wat gespreek het
deur middel van sy kneg Jona,[d]
die seun van Amit′tai, die pro-
feet wat uit Gat-Hefer[e] was.
**26** Want Jehovah het die uiters
bittere ellende van Israel ge-
sien.[f] Daar was geen hulpelose
of waardelose nie, en ook was
daar geen helper vir Israel nie.[g]
**27** En Jehovah het beloof om
die naam van Israel nie onder
die hemel uit te wis nie.[h] Ge-
volglik het hy hulle deur die
hand van Jero′beam, die seun
van Joas, gered.[i]

**28** Wat die res van die aange-
leenthede van Jero′beam betref
en alles wat hy gedoen het en
sy magtige dade, hoe hy geveg
het en hoe hy Damaskus[j] en
Hamat[k] vir Juda in Israel terug-
gekry het, is dit nie opgeteken
in die kroniekboek van die ko-
nings van Israel nie? **29** Uit-
eindelik het Jero′beam met sy
voorvaders ontslaap, met die
konings van Israel, en sy seun
Sagari′a[l] het in sy plek begin re-
geer.

**15** In die sewe-en-twintigste
jaar van Jero′beam, die
koning van Israel, het Asar′ja,[m]
die seun van Ama′sia,[n] die ko-
ning van Juda, koning geword.
**2** Hy was sestien jaar oud toe
hy begin regeer het, en hy het
twee-en-vyftig jaar in Jerusa-
lem regeer.[o] En sy moeder se
naam was Jegol′ja, van Jerusa-
lem. **3** En hy het bly doen wat
reg was in Jehovah se oë, vol-
gens alles wat sy vader Ama′sia
gedoen het.[p] **4** Net die hoog-
tes het nie verdwyn nie.[q] Die

**HFST. 14**

a 1Kn 14:19, 2Kn 13:12
b 2Kn 10:35
c 2Kn 13:9
d 2Kn 13:13, Ho 1:1, Am 1:1, Am 7:10
e 2Kn 14:1
f 2Kn 13:10
g 2Kr 25:25
h 1Kn 14:29, 2Kn 12:19, 2Kn 20:20
i 2Kr 25:26
j 2Kn 12:20
k Jos 10:31, Mi 1:13
l 2Kr 25:27
m 1Kn 2:10, 2Kn 12:21
n 2Kr 25:28
o 2Kr 26:1, Mt 1:8
p 2Kn 15:2
q 1Kr 3:12
r De 2:8, 1Kn 9:26, 2Kn 16:6, 2Kr 26:2
s Ho 1:1, Am 1:1

**Tweede kol.**

a 1Kn 12:28, 1Kn 13:34, Ps 106:20
b Nu 13:21, Nu 34:8, Ese 47:16, Am 6:14
c Ge 14:3, De 3:17
d Jon 1:1, Mt 12:39
e Jos 19:13
f Eks 3:7, Rig 10:16, Ps 106:44
g 1Kn 14:10, 1Kn 21:21
h De 25:19, De 29:20
i 2Kn 13:5, Ps 86:15, Jer 31:20, Ho 1:7
j 2Sa 8:6
k 2Kr 8:3
l 2Kn 15:8

**HFST. 15**

m 2Kn 14:21, 2Kr 26:1
n 2Kn 14:1
o 2Kr 26:3
p 2Kn 14:3, 2Kr 26:4
q Nu 33:52, De 12:14, 2Kr 6:6, 2Kr 32:12

volk het nog op die hoogtes
offerandes gebring en offer-
rook laat opgaan.[a] **5** Uitein-
delik het Jehovah die koning
met ’n plaag getref,[b] en hy het
tot die dag van sy dood ’n me-
laatse[c] gebly, en hy het vry-
gestel van pligte in sy huis
gewoon,[d] terwyl Jotam,[e] die ko-
ning se seun, oor die huis was
en die volk van die land ge-
rig het.[f] **6** Wat die res van die
aangeleenthede van Asar′ja be-
tref en alles wat hy gedoen
het, is dit nie opgeteken in die
kroniekboek[g] van die konings
van Juda nie? **7** Eindelik het
Asar′ja met sy voorvaders ont-
slaap,[h] en hulle het hom by sy
voorvaders in die Stad van Da-
wid begrawe; en sy seun Jotam
het in sy plek begin regeer.[i]

**8** In die agt-en-dertigste jaar
van Asar′ja,[j] die koning van
Juda, het Sagari′a,[k] die seun
van Jero′beam, koning oor Is-
rael geword in Samari′a, ses
maande lank. **9** En hy het bly
doen wat sleg was in Jeho-
vah se oë, net soos sy voor-
vaders gedoen het.[l] Hy het nie
afgewyk van die sondes van Je-
ro′beam,[m] die seun van Nebat,
waarmee hy Israel laat sondig
het nie.[n] **10** Toe het Sallum,
die seun van Jabes, ’n same-
swering teen hom gesmee[o] en
hom by Jib′leam[p] neergeslaan[q]
en hom doodgemaak en in sy
plek begin regeer. **11** Wat die
res van die aangeleenthede van
Sagari′a betref, kyk, dit is opge-
teken in die kroniekboek[r] van
die konings van Israel. **12** Dit
was Jehovah se woord[s] wat hy
tot Jehu gespreek het toe hy ge-
sê het:[t] “Seuns[u] tot in die vier-
de geslag sal vir jou op die troon
van Israel sit.” En dit was so.[v]

**13** Wat Sallum, die seun van
Jabes, betref, hy het koning ge-
word in die nege-en-dertigste
jaar van Ussi′a,[a] die koning van
Juda, en hy het ’n volle maan-
maand lank in Samari′a re-
geer.[b] **14** Toe het Mena′hem,[c]
die seun van Gadi, uit Tirsa[d]
opgetrek en na Samari′a gekom
en Sallum,[e] die seun van Jabes,
in Samari′a neergeslaan en hom
doodgemaak; en hy het in sy
plek begin regeer. **15** Wat die
res van die aangeleenthede van
Sallum betref en sy sameswe-
ring[f] wat hy gesmee het, kyk,
dit is opgeteken in die kroniek-
boek van die konings van Is-
rael. **16** Toe het Mena′hem
Tifsag verslaan met almal wat
daarin was, en die gebied daar-
van, van Tirsa af, omdat dit
nie oopgemaak het nie, en hy
het dit verslaan. Al die swan-
ger vroue daarvan het hy oop-
gesny.[g]

**17** In die nege-en-dertigste[h]
jaar van Asar′ja, die koning van
Juda, het Mena′hem, die seun
van Gadi, koning oor Israel ge-
word in Samari′a, tien jaar
lank. **18** En hy het bly doen
wat sleg was in Jehovah se
oë.[i] Hy het al sy dae nie afge-
wyk van al die sondes van Je-
ro′beam,[j] die seun van Nebat,
waarmee hy Israel laat son-
dig het nie.[k] **19** Pul,[l] die ko-
ning van Assi′rië,[m] het die land
ingekom. Gevolglik het Mena′-
hem aan Pul duisend talente
silwer[n] gegee,[o] sodat sy hande
met hom sou wees om die ko-
ninkryk in sy eie hand te ver-
sterk.[p] **20** Toe het Mena′hem
die silwer uitgebring op die kos-
te van Israel, op die koste van
al die dapper, sterk manne,[q]
om aan die koning van Assi′-
rië vyftig sikkels silwer vir elke
man te gee. Daarop het die ko-
ning van Assi′rië teruggedraai,
en hy het nie daar in die land

**HFST. 15**

a 1Sa 14:35 1Kn 22:43 2Kn 14:4
b 2Kr 26:19 Job 34:19
c Nu 12:10 2Kn 5:27
d Le 13:46 De 24:8
e 2Kn 15:32 1Kr 3:12 2Kr 26:21
f 1Sa 8:5 1Kn 3:9 Ps 72:1
g 1Kn 14:29 2Kr 26:22
h Jes 6:1
i 2Kr 26:23
j 2Kn 14:21
k 2Kn 14:29
l 2Kn 13:2 2Kn 14:24
m 1Kn 12:28 1Kn 13:33
n Eks 32:21 1Kn 14:16
o Nu 35:20 De 19:11
p Jos 17:11 2Kn 9:27
q Ho 1:4 Am 7:9
r 1Kn 14:19
s Jes 14:27 Jes 44:26 Jes 55:11
t 2Kn 10:30
u 2Kn 13:1 2Kn 13:10 2Kn 14:23 2Kn 14:29
v Nu 23:19

**Tweede kol.**

a 2Kr 26:1 Mt 1:8
b Ho 5:7
c 2Kn 15:17
d 1Kn 14:17 1Kn 15:21 1Kn 16:8 1Kn 16:17
e 2Kn 15:10
f De 19:11
g 2Kn 8:12 Am 1:13
h 2Kn 15:13
i 1Kn 11:38
j 1Kn 12:28 1Kn 13:33
k Eks 32:21 1Kn 14:16
l 1Kr 5:26
m Ge 2:14 2Kn 17:23
n 1Kn 16:24
o De 28:45 2Kn 12:18 2Kn 16:8
p Jer 17:5
q 2Kn 23:35

gebly nie. **21** Wat die res van
die aangeleenthede van Mena′-
hem[a] betref en alles wat hy ge-
doen het, is dit nie opgeteken
in die kroniekboek[b] van die ko-
nings van Israel nie? **22** Uit-
eindelik het Mena′hem met sy
voorvaders ontslaap, en sy seun
Peka′hia[c] het in sy plek begin
regeer.

**23** In die vyftigste jaar van
Asar′ja, die koning van Juda,
het Peka′hia, die seun van Me-
na′hem, koning oor Israel ge-
word in Samari′a, twee[d] jaar
lank. **24** En hy het bly doen
wat sleg was in Jehovah se oë.[e]
Hy het nie afgewyk van die
sondes van Jero′beam,[f] die seun
van Nebat, waarmee hy Israel
laat sondig het nie.[g] **25** Toe
het Peka,[h] die seun van Rema′-
lia, sy adjudant,[i] ’n sameswe-
ring teen hom gesmee[j] en hom
in Samari′a in die woontoring
van die koning se huis[k] saam
met Argob en Arje neergeslaan,
en vyftig man uit die kinders
van Gi′lead was saam met hom.
En hy het hom doodgemaak
en in sy plek begin regeer.
**26** Wat die res van die aange-
leenthede van Peka′hia betref
en alles wat hy gedoen het, kyk,
dit is opgeteken in die kroniek-
boek[l] van die konings van Is-
rael.

**27** In die twee-en-vyftigste
jaar van Asar′ja, die koning
van Juda, het Peka,[m] die seun
van Rema′lia,[n] koning oor Is-
rael geword in Samari′a, twin-
tig jaar lank. **28** En hy het
bly doen wat sleg was in Je-
hovah se oë.[o] Hy het nie afge-
wyk van die sondes van Je-
ro′beam,[p] die seun van Nebat,
waarmee hy Israel laat sondig
het nie.[q] **29** In die dae van
Peka, die koning van Israel, het
Tig′lat-Pile′ser,[r] die koning van
Assi′rië,[a] ingekom en Ijon[b] en
A′bel-Bet-Ma′äga[c] en Jano′ag
en Kedes[d] en Hasor[e] en Gi′lead[f]
en Galile′a,[g] die hele land van
Naf′tali,[h] ingeneem en hulle in
ballingskap weggevoer na As-
si′rië.[i] **30** Uiteindelik het Ho-
se′a,[j] die seun van Ela, ’n sa-
meswering gesmee[k] teen Peka,
die seun van Rema′lia, en hom
neergeslaan[l] en hom doodge-
maak; en hy het in sy plek be-
gin regeer in die twintigste jaar
van Jotam,[m] die seun van Us-
si′a. **31** Wat die res van die
aangeleenthede van Peka be-
tref en alles wat hy gedoen het,
kyk, dit is opgeteken in die kro-
niekboek[n] van die konings van
Israel.

**32** In die tweede jaar van
Peka, die seun van Rema′lia,
die koning van Israel, het Jo-
tam,[o] die seun van Ussi′a,[p] die
koning van Juda, koning ge-
word. **33** Hy was vyf-en-twin-
tig jaar oud toe hy begin regeer
het, en hy het sestien jaar in Je-
rusalem regeer. En sy moeder
se naam was Jeru′sa, die dogter
van Sadok.[q] **34** En hy het bly
doen wat reg was in Jehovah se
oë.[r] Hy het gedoen volgens alles
wat sy vader Ussi′a gedoen het.[s]
**35** Net die hoogtes het nie ver-
dwyn nie. Die volk het nog op
die hoogtes offerandes gebring
en offerrook laat opgaan.[t] Dit
was hy wat die boonste poort
van die huis van Jehovah ge-
bou het.[u] **36** Wat die res van
die aangeleenthede van Jotam
betref, wat hy gedoen het, is dit
nie opgeteken in die kroniek-
boek van die konings van Juda
nie?[v] **37** In dié dae het Jeho-
vah Resin,[w] die koning van Si-
rië, en Peka,[x] die seun van Re-
ma′lia, teen Juda begin stuur.[y]

**HFST. 15**

a 2Kn 15:14
b 1Kn 14:19; 1Ko 10:11
c 2Kn 15:26
d Job 20:5; Spr 28:2
e 1Kn 11:38; 2Kn 15:28
f 1Kn 12:28; 1Kn 13:33
g 1Kn 14:16
h 2Kr 28:6
i 2Kn 7:17; 2Kn 9:25
j Nu 35:20; De 19:11
k 1Kn 16:18
l 1Kn 14:19
m 2Kr 28:6; Jes 7:1
n Jes 7:4; Jes 7:9
o Pr 12:13
p 1Kn 12:28; 1Kn 13:33
q Eks 20:3; 1Kn 14:16
r 2Kn 16:7; 1Kr 5:6; 1Kr 5:26; 2Kr 28:20

**Tweede kol.**

a Jes 8:4
b 1Kn 15:20
c 2Sa 20:18; 1Kn 15:20
d Jos 19:37; Jos 20:7
e Jos 11:10; Rig 4:2
f Nu 32:40; De 3:15
g Jos 20:7; 1Kn 9:11; Jes 9:1; Mt 4:15
h Jos 19:32
i Le 26:38; De 28:64; 2Kn 17:23
j 2Kn 17:1
k De 19:11
l Mt 26:52
m 2Kr 27:1
n 1Kn 14:19
o 1Kr 3:12; 2Kr 27:7; Mt 1:9
p 2Kn 14:21; 2Kn 15:1; 1Kr 3:12
q 2Kr 27:1
r De 28:1; Pr 12:13
s 2Kr 27:2
t Nu 33:52; De 12:14; 2Kr 6:6; 2Kr 32:12
u 2Kr 27:3
v 2Kn 15:6; 2Kr 27:7
w 2Kn 16:5; Jes 7:2
x 2Kn 15:27; 2Kr 28:6; Jes 7:1

y De 28:49; Ps 78:49; Jes 10:5; Jer 43:10.

**38** Uiteindelik het Jotam met
sy voorvaders ontslaap, en hy is
by sy voorvaders begrawe in die
Stad van Dawid, sy voorvader;[a]
en sy seun Agas[b] het in sy plek
begin regeer.

**16** In die sewentiende jaar
van Peka, die seun van
Rema′lia, het Agas,[c] die seun
van Jotam, die koning van
Juda, koning geword. **2** Agas
was twintig jaar oud toe hy be-
gin regeer het, en hy het ses-
tien jaar in Jerusalem regeer;
en hy het nie gedoen wat reg
was in die oë van Jehovah sy
God soos sy voorvader Dawid
nie.[d] **3** En hy het in die weg
van die konings van Israel ge-
wandel,[e] en hy het selfs sy eie
seun deur die vuur laat gaan,[f]
volgens die verfoeilike[g] dinge
van die nasies wat Jehovah ter
wille van die kinders van Israel
verdryf het. **4** En hy het aan-
gehou om offerandes te bring
en offerrook te laat opgaan op
die hoogtes[h] en op die heuwels[i]
en onder elke blaarryke boom.[j]

**5** Toe het Resin,[k] die koning
van Sirië, en Peka,[l] die seun
van Rema′lia, die koning van Is-
rael, teen Jerusalem opgetrek
om oorlog te voer en Agas be-
leër, maar hulle kon nie veg
nie.[m] **6** In dié tyd het Resin,
die koning van Sirië, Elat[n] vir
Edom teruggekry, waarna hy
die Jode uit Elat verdryf het; en
wat die Edomiete betref, hulle
het in Elat gekom en daar gaan
woon tot vandag toe. **7** Toe
het Agas boodskappers na Tig′-
lat-Pile′ser,[o] die koning van As-
si′rië, gestuur en gesê: “Ek is
u kneg[p] en u seun. Trek op en
red[q] my uit die palm van die ko-
ning van Sirië en uit die palm
van die koning van Israel, wat
teen my opstaan.” **8** En Agas
het die silwer en die goud ge-
neem wat in die huis van Je-
hovah en in die skatte van
die koning se huis[a] te vinde
was en ’n omkoopgeskenk[b] aan
die koning van Assi′rië gestuur.
**9** Daarop het die koning van
Assi′rië na hom geluister, en
die koning van Assi′rië het na
Damaskus[c] opgetrek en dit in-
geneem[d] en die bevolking daar-
van in ballingskap weggevoer
na Kir,[e] en Resin[f] het hy dood-
gemaak.

**10** Toe het koning Agas[g] ge-
gaan om Tig′lat-Pile′ser,[h] die
koning van Assi′rië, in Damas-
kus te ontmoet, en hy het die
altaar[i] gesien wat in Damaskus
was. En koning Agas het aan
die priester Uri′a die ontwerp
van die altaar gestuur en die
voorbeeld van presies hoe dit
gemaak is.[j] **11** En die pries-
ter Uri′a[k] het die altaar gebou.[l]
Volgens alles wat koning Agas
uit Damaskus gestuur het, so
het die priester Uri′a dit ge-
maak, in afwagting van die tyd
dat koning Agas uit Damaskus
sou kom. **12** Toe die koning
uit Damaskus kom, het die ko-
ning die altaar gesien; en die
koning het nader begin gaan na
die altaar[m] en offers daarop ge-
bring.[n] **13** En hy het aange-
hou om sy brandoffer[o] en sy
graanoffer[p] te laat rook[q] en
om sy drankoffer[r] uit te giet
en om die bloed van sy ge-
meenskapsoffers op die altaar
te sprinkel. **14** En die koper-
altaar[s] wat voor Jehovah was,
het hy toe van die voorkant
van die huis af nader gebring,
tussen sy altaar en die huis
van Jehovah[t] uit, en dit aan
die noordekant van sy altaar
gesit. **15** En koning Agas het
hom, ja, die priester Uri′a,[u] be-
veel en gesê: “Laat die oggend-
brandoffer op die groot altaar

**HFST. 15**
a 1Kn 14:31
b 1Kr 3:13

**HFST. 16**
c Jes 1:1, Jes 7:1, Ho 1:1, Mi 1:1, Mt 1:9
d 2Kr 28:1
e 1Kn 12:28, 1Kn 16:33, 1Kn 21:26, 2Kn 8:18, 2Kr 28:2
f Le 20:2, De 18:10, 2Kn 23:10, 2Kr 28:3, 2Kr 33:6, Ps 106:37, Jes 57:5, Jer 7:31, Ese 16:20, Ese 23:37
g De 12:31, Ps 106:35, Ese 16:47
h Nu 33:52
i 1Kn 14:23, Jer 17:2
j De 12:2
k 2Kn 15:37
l 2Kr 28:6
m 2Kr 28:5
n 2Kn 14:22
o 2Kn 15:29
p 1Kn 20:4
q Ps 146:3, Jer 17:5, Klg 4:17

**Tweede kol.**
a 1Kn 15:18, 2Kn 14:14, 2Kr 16:2
b 2Kr 19:7
c 2Sa 8:6, 2Kn 14:28, 2Kr 28:5, Jes 7:6
d Am 1:5
e Jes 22:6, Am 9:7
f Jes 7:1, Jes 9:11
g 2Kn 16:7
h 2Kn 15:29
i De 12:30, 2Kr 28:23, Jer 10:2
j Ps 106:39
k Jes 8:2
l Jer 23:11, Ese 22:26
m 2Kr 26:16, 2Kr 28:25
n Nu 18:4, Nu 18:7
o Le 1:3
p Le 2:1, 1Kr 23:29
q Le 2:2
r Le 23:13
s 1Kr 28:12, 2Kr 4:1
t 1Kn 6:1
u Jes 8:2

rook,[a] ook die aandgraanoffer[b]
en die brandoffer van die ko-
ning[c] en sy graanoffer en die
brandoffer van die hele volk
van die land en hulle graan-
offer en hulle drankoffers; en
al die bloed van die brandof-
fer en al die bloed van 'n offe-
rande moet jy daarop sprinkel.
Wat die koperaltaar betref, dit
sal iets word wat ek in oorwe-
ging moet neem." **16** En die
priester Uri'a[d] het gedoen vol-
gens alles wat koning Agas be-
veel het.[e]

**17** Daarbenewens het ko-
ning Agas die sywande[f] van die
waentjies[g] in stukke gekap[h] en
die komme[i] van hulle af verwy-
der; en die see[j] het hy van die
koperbulle[k] wat daaronder was,
afgehaal en dit toe op 'n klip-
plaveisel gesit. **18** En die oor-
dekte deel vir die sabbat wat
hulle in die huis gebou het, en
die koning se buitenste ingang,
het hy weens die koning van
Assi'rië uit die huis van Jeho-
vah verskuif.

**19** Wat die res van die aange-
leenthede van Agas betref, wat
hy gedoen het, is dit nie opgete-
ken in die kroniekboek[l] van die
konings van Juda nie? **20** Uit-
eindelik het Agas met sy voor-
vaders ontslaap, en hy is by sy
voorvaders in die Stad van Da-
wid begrawe;[m] en sy seun His-
ki'a[n] het in sy plek begin re-
geer.

**17** In die twaalfde jaar van
Agas, die koning van
Juda, het Hose'a,[o] die seun van
Ela, koning oor Israel geword
in Samari'a,[p] nege jaar lank.
**2** En hy het bly doen wat sleg
was in Jehovah se oë, maar nie
soos die konings van Israel wat
voor hom was nie.[q] **3** Teen
hom het Salmane'ser,[r] die ko-
ning van Assi'rië,[s] opgetrek, en
Hose'a het sy kneg geword en
skatting[a] aan hom begin betaal.
**4** Die koning van Assi'rië het
egter in Hose'a se geval 'n sa-
mewering[b] ontdek, deurdat hy
boodskappers na So, die koning
van Egipte,[c] gestuur het en nie
die skatting na die koning van
Assi'rië gebring het soos in vori-
ge jare nie. Daarom het die ko-
ning van Assi'rië hom opgesluit
en hom in die huis van bewa-
ring gebind gehou.[d]

**5** En die koning van Assi'rië
het teen die hele land opgetrek
en het na Samari'a opgetrek en
dit drie jaar lank beleër.[e] **6** In
die negende jaar van Hose'a het
die koning van Assi'rië Sama-
ri'a ingeneem[f] en Israel toe in
ballingskap weggevoer[g] na As-
si'rië en hulle in Halag[h] en in
Habor aan die Gosanrivier[i] en
in die stede van die Mede laat
woon.[j]

**7** En dit het gebeur omdat
die kinders van Israel gesondig
het[k] teen Jehovah hulle God,
wat hulle uit Egipteland laat
optrek het onder die hand uit
van Farao, die koning van Egip-
te,[l] en hulle het ander gode be-
gin vrees;[m] **8** en hulle het bly
wandel in die insettinge[n] van
die nasies wat Jehovah voor die
kinders van Israel uit verdryf
het, en in die insettinge van
die konings van Israel wat hulle
gemaak het; **9** en die kinders
van Israel het die dinge onder-
soek wat nie reg was teenoor
Jehovah hulle God nie[o] en het
aangehou om vir hulle hoog-
tes[p] te bou in al hulle stede,
van die wagtoring[q] af tot by die
versterkte stad; **10** en hulle
het vir hulle heilige pilare[r]
en heilige pale[s] bly oprig op
elke hoë heuwel[t] en onder elke

**HFST. 16**
a Eks 29:39, Nu 28:2, 2Kr 28:23
b Nu 28:4
c Le 4:22, Le 22:21, 2Kr 7:4, 2Kr 29:21
d Jes 8:2
e 2Kn 16:11
f 1Kn 7:28
g 1Kn 7:27
h 2Kr 28:24, 2Kr 29:19
i 1Kn 7:38, 2Kr 4:6, Jer 52:20
j 1Kn 7:23, 2Kn 25:13
k 1Kn 7:25, Jer 52:20
l 1Kn 14:29, 2Kr 28:26
m 2Kr 28:27
n 2Kn 18:1, 1Kr 3:13, 2Kr 29:1, Jes 1:1, Ho 1:1, Mt 1:9

**HFST. 17**
o 2Kn 15:30
p Jes 7:9
q 1Kn 12:28, 1Kn 13:33, 1Kn 16:33
r 2Kn 18:9, Ho 10:14
s Jes 10:5

**Tweede kol.**
a De 28:45, 2Kn 18:14, Esr 7:24
b 2Kn 24:1, 2Kn 24:20, Ese 17:15
c Jes 30:2, Jes 31:1
d De 28:36
e De 28:52
f 2Kn 18:10, Ho 13:16
g Le 26:32, De 4:27, De 28:64, 1Kn 14:15
h 1Kr 5:26
i 2Kn 18:11
j 2Kn 18:11
k De 31:29, De 32:15, Jos 23:16, Ne 9:26, Ps 106:35, Am 5:7
l Eks 20:2
m Eks 20:5, 2Kn 17:35, Jer 10:5
n Ps 89:31
o De 13:6, De 27:15, Ese 8:12
p 2Kn 16:4, Ho 12:11
q 2Kn 18:8

r Eks 34:13; Le 26:1; s De 7:5; De 16:21; Mi 5:14;
t De 12:2.

blaarryke boom;[a] **11** en daar
op al die hoogtes het hulle
voortdurend offerrook laat op-
gaan soos die nasies[b] wat Jeho-
vah weens hulle in ballingskap
weggevoer het, en hulle het
slegte dinge bly doen om Jeho-
vah aanstoot te gee.[c]

**12** En hulle het voortdurend
drekgode gedien,[d] waarvan Je-
hovah vir hulle gesê het: "Julle
mag dit nie doen nie";[e] **13** en
Jehovah het Israel[f] en Juda[g]
deur middel van al sy profete[h]
en elke siener[i] bly waarsku[j] en
gesê: "Keer julle van julle sleg-
te weë af[k] en onderhou my ge-
booie,[l] my insettinge,[m] volgens
die hele wet[n] wat ek julle voor-
vaders beveel het[o] en wat ek
deur middel van my knegte,
die profete, aan julle gestuur
het";[p] **14** en hulle het nie ge-
luister nie, maar het hulle nek
bly verhard[q] soos die nek van
hulle voorvaders wat nie geloof
in Jehovah hulle God beoefen[r]
het nie; **15** en hulle het sy
voorskrifte en sy verbond[s] wat
hy met hulle voorvaders gesluit
het en sy herinneringe[t] waar-
mee hy hulle gewaarsku het,
bly verwerp, en hulle het nie-
tige afgode[u] gevolg en self nie-
tig geword,[v] ja, in nabootsing
van die nasies wat rondom hul-
le was, van wie Jehovah hulle
beveel het om nie soos hulle te
doen nie.[w]

**16** En hulle het al die ge-
booie[x] van Jehovah hulle God
bly verlaat en hulle het vir
hulle gegote beelde,[y] twee kal-
wers,[z] gemaak en 'n heilige
paal gemaak,[a] en hulle het hul-
le voor die hele leër van die
hemel begin neerbuig[b] en Baäl
gedien;[c] **17** en hulle het aan-
gehou om hulle seuns en hul-
le dogters deur die vuur te laat
gaan[d] en waarsêery te beoefen[e]
en voortekens te soek,[a] en hul-
le het hulleself bly verkoop[b] om
te doen wat sleg was in die oë
van Jehovah, om hom aanstoot
te gee.[c]

**18** Daarom het Jehovah baie
vertoornd[d] op Israel geword,
sodat hy hulle onder sy oë uit
verwyder het.[e] Hy het nie een
laat oorbly nie, behalwe die
stam Juda alleen.[f]

**19** Selfs Juda het nie die ge-
booie van Jehovah hulle God
onderhou nie,[g] maar hulle het
gewandel in die insettinge van
Israel[h] wat hulle gemaak het.
**20** Gevolglik het Jehovah die
hele saad[i] van Israel verwerp
en hulle bly teister en hulle in
die hand van plunderaars ge-
gee, totdat hy hulle voor hom
weggewerp het.[j] **21** Want hy
het Israel van die huis van Da-
wid afgeskeur, en hulle het
Jero'beam, die seun van Ne-
bat, koning gemaak; en Jero'-
beam[k] het Israel daarvan afge-
bring om Jehovah te volg, en
hy het hulle met 'n groot son-
de laat sondig.[l] **22** En die kin-
ders van Israel het gewandel in
al die sondes van Jero'beam wat
hy gedoen het.[m] Hulle het nie
daarvan afgewyk nie, **23** tot-
dat Jehovah Israel onder sy oë
uit verwyder het,[n] net soos hy
deur middel van al sy knegte,
die profete, gespreek het.[o] So
het Israel uit sy eie land in bal-
lingskap na Assi'rië gegaan, tot
vandag toe.[p]

**24** Daarna het die koning
van Assi'rië mense uit Babi-
lon[q] en Kuta en Awwa[r] en Ha-
mat[s] en Sefarwa'im[t] gebring

**HFST. 17**
a 2Kn 16:4; Jes 57:5
b Le 20:23; Jer 44:17
c Spr 15:8
d Eks 34:14; Le 26:30; 1Kn 12:28; 1Kn 21:26
e Eks 20:3; Le 26:1; De 4:23
f Ho 4:15
g Jer 3:11
h 2Kr 24:19; 2Kr 36:16; Heb 1:1
i 1Sa 9:9; 1Kr 29:29
j De 8:19; De 32:46; Ps 81:8
k Jes 55:7; Jer 18:11; Jer 25:4; Ese 18:31
l Eks 24:7; De 6:1
m De 8:11
n Eks 20:1; Eks 21:1
o De 5:1
p Jer 7:25
q De 31:27; Jer 5:29
r De 1:32
s De 5:2; De 29:12
t Ps 19:7; Ho 4:6
u De 32:21; 1Sa 12:21; Jer 10:15; 1Ko 8:4
v Ps 115:8; Jes 44:9; Jer 2:5; Ro 1:21
w De 12:30
x De 4:2
y 2Kr 28:2
z 1Kn 12:28; 2Kr 13:8
a 1Kn 14:15; 1Kn 16:33
b De 4:19; 2Kn 23:5; Jer 8:2
c 1Kn 16:31; 1Kn 22:53; 2Kn 10:21
d 2Kn 16:3; 2Kn 21:6; Jes 57:5
e De 18:10; 2Kr 33:6; Mi 5:12; Han 16:16

**Tweede kol.**
a Le 19:26; 2Kn 21:6
b 1Kn 21:20
c Eks 34:14; 1Kn 15:30
d De 9:8; De 29:20; 1Kn 8:46
e Jos 23:13; Jes 42:24; Jer 15:1

f 1Kn 11:32; 1Kn 12:20; g 1Kn 14:22; 2Kr 21:10; Jer 3:8; h Ese 23:11; i 2Kr 20:7; Jer 6:30; j 2Kn 13:3; k 1Kn 11:31; 1Kn 12:20; l Eks 32:31; 1Sa 2:17; 1Kn 14:16; m 1Kn 12:28; 1Kn 13:33; n De 32:26; 2Kn 13:23; 2Kn 23:27; o De 28:63; 1Kn 14:16; Ho 1:4; Am 5:27; Mi 1:6; p 2Kn 18:11; q 2Kn 17:30; r 2Kn 17:31; Jes 37:13; s 2Kn 19:13; Jes 10:9; t 2Kn 18:34; Jes 36:19.

en hulle in die plek van die
kinders van Israel in die ste-
de van Samari′a[a] laat woon; en
hulle het begin om Samari′a
in besit te neem en in die stede
daarvan te gaan woon. **25** En
aan die begin van hulle verblyf
daar het hulle Jehovah nie ge-
vrees nie.[b] Daarom het Jeho-
vah leeus[c] onder hulle gestuur,
en dié het van hulle doodge-
maak. **26** Toe het hulle die
koning van Assi′rië laat weet en
gesê: “Die nasies wat u in bal-
lingskap weggevoer en toe in
die stede van Samari′a gevestig
het, ken nie die godsdiens van
die God van die land nie, so-
dat hy voortdurend leeus onder
hulle stuur;[d] en kyk! dié maak
hulle dood, aangesien niemand
die godsdiens van die God van
die land ken nie.”

**27** Daarop het die koning
van Assi′rië bevel gegee en ge-
sê: “Laat een van die pries-
ters[e] daarheen gaan wat julle in
ballingskap daaruit weggevoer
het, sodat hy daar kan gaan
woon en hulle die godsdiens van
die God van die land kan leer.”
**28** Toe het een van die priesters
wat hulle uit Samari′a in bal-
lingskap weggevoer het, gekom
en in Bet-El[f] gaan woon, en hy
het hulle geleer hoe hulle Jeho-
vah behoort te vrees.[g]

**29** Maar elke onderskeie na-
sie het egter sy eie god[h] ge-
maak, wat hulle dan neergesit
het in die huis van die
hoogtes wat die Samaritane ge-
maak het, elke onderskeie na-
sie, in hulle stede waar hulle
gewoon het. **30** En die man-
ne van Babilon het Sukkot-Be-
not gemaak, en die manne van
Kut[i] het Nergal gemaak, en die
manne van Hamat het Asi′ma
gemaak. **31** Wat die Awwiete[j]
betref, hulle het Nibhas en Tar-
tak gemaak; en die Sefarwie-
te[a] het hulle seuns in die vuur
verbrand[b] vir Adramme′leg en
Anamme′leg, die gode van Se-
farwa′im. **32** En hulle het Je-
hovah begin vrees en het vir
hulle priesters van die hoogtes
uit die volk in die algemeen ge-
maak,[c] en dié was vir hulle
ampsdraers in die huis van die
hoogtes. **33** Hulle het wel Je-
hovah gevrees,[d] maar hulle het
hulle eie gode aanbid,[e] volgens
die godsdiens van die nasies
waaruit hulle hulle in balling-
skap weggevoer het.[f]

**34** Tot vandag toe handel
hulle volgens hulle vroeëre
godsdienste.[g] Niemand het Je-
hovah gevrees nie[h] en niemand
het gehandel volgens sy inset-
tinge en sy regterlike beslis-
sings[i] en die wet[j] en die gebod[k]
wat Jehovah die kinders van Ja-
kob,[l] aan wie hy die naam Is-
rael gegee het,[m] beveel het nie,
**35** toe Jehovah ’n verbond[n] met
hulle gesluit het en hulle beveel
het deur te sê: “Julle mag geen
ander gode vrees nie,[o] en jul-
le mag julle nie voor hulle neer-
buig of hulle dien of offerandes
aan hulle bring nie.[p] **36** Maar
Jehovah, wat julle met groot
krag en ’n uitgestrekte arm
uit Egipteland laat optrek het,[q]
hom moet julle vrees,[r] en voor
hom moet julle julle neerbuig,[s]
en aan hom moet julle offe-
randes bring.[t] **37** En die voor-
skrifte[u] en die regterlike beslis-
sings[v] en die wet en die gebod
wat hy vir julle opgeskryf het,[w]
moet julle altyd sorgvuldig on-
derhou;[x] en julle mag geen an-
der gode vrees nie. **38** En die
verbond wat ek met julle ge-
sluit het, mag julle nie ver-
geet nie;[y] en julle mag geen an-
der gode vrees nie.[z] **39** Maar

**HFST. 17**

a Mt 10:5
b Spr 8:13 Pr 12:13 Jer 10:7 Da 6:26
c Eks 23:29 Jer 5:6
d Spr 30:30
e Esr 7:10 Mal 2:7
f Ge 28:19 Jos 16:1 1Sa 7:16 1Kn 12:29
g Pr 8:12 Jes 29:13 Joh 4:22
h Ps 96:5 Ps 135:15 Jes 44:9 Jer 10:5 Mi 4:5 Ro 1:23 1Ko 8:4
i 2Kn 17:24
j 2Kn 17:24

**Tweede kol.**

a 2Kn 18:34
b 2Kn 17:17 2Kr 28:3 Ps 106:37 Jes 57:5 Ese 20:31
c 1Kn 12:31 1Kn 13:33
d 2Kn 17:41 Jes 29:13
e Lu 16:13 2Ko 6:16
f 2Kn 17:24
g Jes 44:8 1Ko 10:20
h 2Kn 17:25
i De 5:1 De 8:11 2Kn 17:13
j De 1:5
k De 6:2
l Ge 28:14 Ge 46:2
m Ge 32:28 Ge 35:10 Jes 48:1
n Eks 19:5 Eks 24:7 De 5:2 De 29:1 Jer 31:31
o Eks 20:4 Rig 6:10
p Eks 20:5 Eks 23:24 Eks 34:14 De 4:25 De 5:9
q Eks 6:6 De 5:15 Jer 32:21
r De 6:13 Ps 34:9 Spr 8:13
s Ps 95:6 Ps 96:9
t Le 19:5 De 12:6
u De 12:1
v De 11:32
w De 31:9
x De 5:29
y De 4:23

z De 5:9.

Jehovah[a] julle God moet julle
vrees, aangesien hý julle uit die
hand van al julle vyande sal ver-
los."[b]
**40** En hulle was nie gehoor-
saam nie, maar hulle het vol-
gens hulle vroeëre godsdiens
gehandel.[c] **41** En hierdie na-
sies het Jehovah begin vrees,[d]
maar hulle het hulle eie gesne-
de beelde gedien. Wat hulle kin-
ders sowel as hulle kleinkinders
betref, hulle doen tot vandag
toe net soos hulle voorvaders
gedoen het.

**18** En in die derde jaar van
Hose′a,[e] die seun van Ela,
die koning van Israel, het His-
ki′a,[f] die seun van Agas,[g] die ko-
ning van Juda, koning geword.
**2** Hy was vyf-en-twintig jaar
oud toe hy begin regeer het, en
hy het nege-en-twintig jaar in
Jerusalem regeer. En sy moe-
der se naam was Abi, die dogter
van Sagari′a.[h] **3** En hy het bly
doen wat reg was in Jehovah se
oë,[i] volgens alles wat sy voorva-
der Dawid gedoen het.[j] **4** Hy
het die hoogtes verwyder[k] en
die heilige pilare in stukke ge-
breek[l] en die heilige[m] paal afge-
kap en die koperslang[n] ver-
brysel wat Moses gemaak het;[o]
want tot op dié dae het die kin-
ders van Israel voortdurend of-
ferrook[p] daarvoor laat opgaan,
en dit is die koperslang-afgod[q]
genoem. **5** Op Jehovah, die
God van Israel, het hy vertrou;[r]
en ná hom was daar niemand
soos hy onder al die konings
van Juda nie,[s] ook nie onder dié
wat voor hom was nie.[t] **6** En
hy het Jehovah bly aankleef.[u]
Hy het nie daarvan afgewyk
om hom te volg nie, maar hy het
aangehou om sy gebooie te on-
derhou wat Jehovah Moses be-
veel het.[v] **7** En Jehovah was
met hom.[w] Ongeag waarheen
hy uitgetrek het, hy het omsig-
tig opgetree;[a] en hy het teen
die koning van Assi′rië in op-
stand gekom en hom nie gedien
nie.[b] **8** Hy het die Filistyne[c]
verslaan tot by Gasa[d] en ook die
gebiede daarvan, van die wag-
toring[e] af tot by die versterkte
stad.
**9** En in die vierde jaar van
koning Hiski′a, dit wil sê die
sewende jaar van Hose′a,[f] die
seun van Ela, die koning van Is-
rael, het Salmane′ser,[g] die ko-
ning van Assi′rië, teen Samari′a
opgetrek en dit begin beleër.[h]
**10** En hulle het dit na verloop
van drie jaar ingeneem;[i] in die
sesde jaar van Hiski′a, dit wil sê
die negende jaar van Hose′a, die
koning van Israel, is Samari′a
ingeneem.[j] **11** Daarna het die
koning van Assi′rië[k] Israel in
ballingskap weggevoer[l] na As-
si′rië en hulle in Halag[m] en in
Habor[n] aan die Gosanrivier en
in die stede van die Mede laat
woon,[o] **12** omdat hulle nie na
die stem van Jehovah hulle God
geluister het nie,[p] maar sy ver-
bond aanhoudend oortree het,[q]
ja, alles wat Moses,[r] die kneg
van Jehovah, beveel het.[s] Hulle
het nie daarna geluister en ook
nie daarvolgens gehandel nie.
**13** En in die veertiende jaar
van koning Hiski′a het San′he-
rib,[t] die koning van Assi′rië,[u]
teen al die versterkte stede
van Juda opgetrek en hulle ver-
ower. **14** Toe het Hiski′a, die
koning van Juda, na die koning
van Assi′rië in Lagis gestuur
en gesê: "Ek het gesondig. Trek
van my af weg. Wat u my ook
al oplê, sal ek dra."[v] Daarop het
die koning van Assi′rië Hiski′a,
die koning van Juda, driehon-

**HFST. 17**
a Jes 42:8
b Ne 9:27
c De 4:28
2Kn 17:34
d Jos 24:14
Esr 4:2

**HFST. 18**
e 2Kn 15:30
2Kn 17:1
f 1Kr 3:13
2Kr 28:27
Mt 1:9
g 2Kn 16:2
2Kn 16:20
h 2Kr 29:1
i 2Kn 20:3
2Kr 31:20
2Kr 31:21
Ps 119:128
j 1Kn 3:14
1Kn 15:5
2Kr 29:2
k Le 26:30
Nu 33:52
1Kn 3:2
2Kn 14:4
Ps 78:58
l De 7:5
2Kr 31:1
m De 12:3
n Nu 21:8
o Nu 21:9
p Spr 15:8
q 1Ko 8:4
r 2Kr 16:9
2Kr 32:7
Ps 91:2
Jer 17:7
s 2Kn 19:15
t 2Kr 15:17
2Kr 20:33
u De 10:20
Jos 23:8
v 2Kn 17:13
Jer 11:4
w 2Kr 15:2
Ps 46:11
Ps 60:12

**Tweede kol.**
a 1Sa 18:14
Spr 20:18
b 2Kn 16:7
c 2Kr 28:18
Jes 14:29
d Jos 13:3
e 2Kn 17:9
2Kr 26:10
f 2Kn 17:1
g 2Kn 17:4
h 2Kn 17:5
i Ho 13:16
Am 3:11
Mi 1:6
Mi 6:16
Mi 7:13
j 2Kn 17:6
k 2Kn 19:11
Jes 8:4
Ho 8:9
Am 5:3
l Am 6:7
Am 9:4
m 2Kn 17:6
n 1Kr 5:26
o 2Kn 17:6

p De 8:20; 1Kn 14:15; 2Kn 17:7; Ne 9:17; q De 29:25; 2Kn 17:15; Ne 9:26; Jer 34:18; r Eks 19:3; Eks 24:12; s De 5:1; t 2Kr 32:1; Jes 36:1; u Jes 10:5; v 2Kn 18:7; Spr 29:25; Lu 14:32.

derd talente silwer[a] en dertig
talente goud opgelê. **15** Daar-
om het Hiskiʹa al die silwer ge-
gee wat in die huis van Jeho-
vah[b] en in die skatte van die
koning se huis[c] te vinde was.
**16** In dié tyd het Hiskiʹa die
deure van die tempel van Jeho-
vah[d] en die deurposte wat His-
kiʹa, die koning van Juda, oor-
getrek het,[e] afgesny en dit toe
aan die koning van Assiʹrië ge-
gee.

**17** En die koning van Assiʹ-
rië[f] het Tartan[g] en Rabʹsaris en
Rabʹsake[h] met ’n swaar krygs-
mag uit Lagis[i] na Jerusalem na
koning Hiskiʹa toe gestuur, so-
dat hulle sou optrek en by Jeru-
salem sou kom. En hulle het op-
getrek en gekom en gaan staan
by die leikanaal[j] van die boon-
ste dam,[k] wat langs die groot-
pad van die wassersveld is.[l]
**18** En hulle het na die koning
begin roep, maar Elʹjakim,[m] die
seun van Hilkiʹa, wat oor die
huishouding was, en Sebna,[n]
die sekretaris, en Joag, die seun
van Asaf, die kroniekskrywer,
het na hulle toe uitgekom.

**19** Toe het Rabʹsake[o] vir hul-
le gesê: “Sê asseblief vir Hiskiʹa:
‘Só het die groot koning,[p] die
koning van Assiʹrië, gesê: “Wat
is hierdie vertroue wat jy ge-
koester het?[q] **20** Jy het gesê
(maar dit is die woord van die
lippe): ‘Daar is raad[r] en mag
vir die oorlog.’ In wie het jy
nou jou vertroue gestel, dat jy
teen my in opstand gekom het?[s]
**21** En kyk! jy het jou vertroue
gestel in die steun van hierdie
geknakte riet,[t] Egipte,[u] wat, as
’n man daarop sou leun, be-
slis in sy palm sou ingaan en
dit sou deurboor. So is Farao,[v]
die koning van Egipte, vir al-
mal wat hulle vertroue in hom
stel. **22** En as julle vir my
sê: ‘In Jehovah[a] ons God het
ons ons vertroue gestel’,[b] is dit
dan nie sý hoogtes[c] en sý al-
tare wat Hiskiʹa[d] verwyder het
nie, terwyl hy vir Juda en Je-
rusalem sê: ‘Voor hierdie al-
taar moet julle julle in Jeru-
salem neerbuig’?”’[e] **23** Gaan
dan nou asseblief ’n wedden-
skap aan[f] met my heer, die ko-
ning van Assiʹrië, en laat ek
jou tweeduisend perde gee om
te sien of jy ruiters daarop kan
sit.[g] **24** Hoe sou jy dan die
aangesig van een goewerneur
van die geringste knegte van
my heer kon afkeer,[h] terwyl
jy op Egipte vertrou vir stryd-
waens[i] en vir ruiters?[j] **25** Het
ek dan nou sonder magtiging
van Jehovah teen hierdie plek
opgetrek om dit te verwoes? Je-
hovah het vir my gesê:[k] ‘Trek
op teen hierdie land, en jy moet
dit verwoes.’ ”

**26** Hierop het Elʹjakim,[l] die
seun van Hilkiʹa, en Sebna[m]
en Joag[n] vir Rabʹsake[o] gesê:
“Praat asseblief in die Siriese
taal[p] met u knegte, want ons
verstaan; en moenie in die Jode
se taal[q] met ons praat voor die
ore van die volk wat op die
muur is nie.” **27** Maar Rabʹsa-
ke het vir hulle gesê: “Het my
heer my na jou heer en na jou
toe gestuur om hierdie woorde
te spreek? Is dit nie na die man-
ne wat op die muur sit, sodat
hulle saam met julle hulle eie
ontlasting sal eet[r] en hulle eie
urine sal drink nie?”[s]

**28** En Rabʹsake het bly staan
en met ’n harde stem in die Jode
se taal uitgeroep;[t] en hy het ge-
praat en gesê: “HOOR die woord
van die groot koning,[u] die ko-
ning van Assiʹrië. **29** Só het
die koning gesê: ‘Moenie dat
Hiskiʹa julle bedrieg nie, want
hy kan julle nie uit my hand

**HFST. 18**

a 1Kn 16:24
b 2Kn 16:8
c 2Kn 12:18; 2Kr 16:2
d 1Kn 6:33; 1Kn 6:35
e 2Kr 29:3
f 2Kr 32:9
g Jes 20:1
h Jes 36:2; Jes 37:8
i Jos 15:39; 2Kr 11:9
j 2Kn 20:20
k Jes 7:3
l Jes 36:2
m 2Kn 19:2; Jes 22:20; Jes 36:3; Mt 10:16
n Jes 22:15
o Jes 36:4
p Jes 10:8
q 2Kn 19:10; 2Kr 32:10; Ps 4:2; Jes 36:7; Jes 37:10
r Spr 20:18
s 2Kn 18:7; Esr 4:15
t Jes 36:6; Ese 29:6
u Jes 30:2; Jes 31:1
v 2Kn 17:4

**Tweede kol.**

a 2Kr 32:8
b 2Kn 18:19
c 2Kr 31:1; 2Kr 32:12
d Jes 36:7
e De 12:11; De 12:13; 2Kr 7:12
f Jes 36:8
g Ps 123:4; Jes 10:13
h Jes 10:8
i Ps 20:7
j De 17:16; Jes 31:1; Jes 36:9
k 2Kn 19:6; 2Kn 19:22
l 2Kn 18:18; Jes 22:20
m Jes 22:15
n Jes 36:11
o 2Kn 18:17; Jes 36:2
p Esr 4:7; Da 2:4
q Ne 13:24; Han 22:2
r De 28:53; 2Kn 6:25; Ese 4:15
s 2Kr 32:11; Jes 36:12
t 2Kr 32:18; Jes 36:13
u 2Kn 18:13

verlos nie.[a] **30** En moenie dat
Hiski′a julle op Jehovah laat
vertrou nie[b] deur te sê: “Jeho-
vah sal ons vir seker verlos,[c] en
hierdie stad sal nie in die hand
van die koning van Assi′rië ge-
gee word nie.”[d] **31** Moenie na
Hiski′a luister nie; want só het
die koning van Assi′rië gesê:
“Gee julle aan my oor, en kom
na my toe uit, en eet elkeen van
sy eie wingerdstok en elkeen
van sy eie vyeboom[e] en drink
elkeen die water van sy eie
reënput,[f] **32** totdat ek kom
en julle na ’n land neem net
soos julle land,[g] ’n land van
graan en nuwe wyn, ’n land van
brood[h] en wingerde,[i] ’n land
van olieryke olyfbome en heu-
ning;[j] en bly lewe sodat julle
nie sterf nie. En moenie na His-
ki′a luister nie, want hy ver-
lei julle deur te sê: ‘Jehovah sal
ons verlos.’[k] **33** Het die gode
van die nasies elkeen sy eie
land enigsins uit die hand van
die koning van Assi′rië[l] ver-
los?[m] **34** Waar is die gode van
Hamat[n] en Arpad?[o] Waar is die
gode van Sefarwa′im,[p] Hena[q]
en Iwwa?[r] Het hulle Samari′a
uit my hand verlos?[s] **35** Wie
is daar onder al die gode van
die lande wat hulle land uit my
hand verlos het,[t] sodat Jehovah
Jerusalem uit my hand sou ver-
los?” ’ ”[u]

**36** En die volk het stilge-
bly[v] en hom nie ’n woord ge-
antwoord nie,[w] want die gebod
van die koning het gesê: “Jul-
le mag hom nie antwoord nie.”[x]
**37** Maar El′jakim,[y] die seun
van Hilki′a, wat oor die huis-
houding was, en Sebna,[z] die se-
kretaris, en Joag,[a] die seun van
Asaf, die kroniekskrywer, het
met geskeurde klere[b] by Hiski′a
gekom en hom die woorde van
Rab′sake meegedeel.

**19** En toe koning Hiski′a[a]
dit hoor, het hy onmid-
dellik sy klere geskeur[b] en hom
met saklinne[c] bedek en in die
huis van Jehovah[d] ingegaan.
**2** Verder het hy El′jakim,[e] wat
oor die huishouding was, en
Sebna,[f] die sekretaris, en die
ouer manne van die priesters,
bedek met saklinne, na die pro-
feet Jesaja,[g] die seun van
Amos,[h] gestuur. **3** En hulle
het vir hom gesê: “Só het His-
ki′a gesê: ‘Vandag is ’n dag van
benoudheid[i] en van bestraw-
wing[j] en van minagtende ver-
metelheid;[k] want die kinders
het tot by die baarmoedermond
gekom,[l] en daar is geen krag om
geboorte te gee nie.[m] **4** Mis-
kien sal Jehovah u God al die
woorde hoor[n] van Rab′sake,
wat deur die koning van Assi′-
rië, sy heer, gestuur is om die
lewende God uit te tart,[o] en sal
hy van hom rekenskap eis vir
die woorde wat Jehovah u God
gehoor het.[p] En u moet ’n ge-
bed[q] opstuur vir die oorblyfsel[r]
wat nog gevind kan word.’ ”

**5** En die knegte van koning
Hiski′a het by Jesaja gekom.[s]
**6** Toe het Jesaja vir hulle ge-
sê: “Só moet julle vir julle heer
sê: ‘Só het Jehovah gesê:[t] “Moe-
nie bang wees[u] weens die woor-
de wat jy gehoor het, waarmee
die dienaars van die koning van
Assi′rië my gesmaad het nie.[v]
**7** Kyk, ek plaas ’n gees[w] in
hom, en hy sal ’n berig hoor[x]
en na sy eie land terugkeer; en
ek sal hom beslis in sy eie land
deur die swaard laat val.” ’ ”[y]

**8** Daarna het Rab′sake[z] te-
ruggekeer en die koning van
Assi′rië gevind waar hy teen

**HFST. 18**

a 1Kn 20:11; 2Kr 32:15; Da 3:15
b 2Kn 18:19; 2Kn 19:22; Ps 11:1; Ps 22:8
c 1Sa 14:6; Ps 71:12; Ps 125:1
d 2Kn 19:32; Jes 36:15
e 1Kn 4:20; 1Kn 4:25
f Jes 36:16
g 2Kn 17:6; 2Kn 17:23
h 1Kr 16:3
i De 8:8; Jes 36:17
j Spr 24:13
k 2Kn 18:29
l 2Kn 18:30
m Jes 36:18
n Nu 13:21; 2Sa 8:9; 2Kn 19:13
o Jer 49:23
p 2Kn 17:24; Jes 36:19
q Jes 37:13
r 2Kn 19:13
s 2Kn 17:6; 2Kn 17:23
t 2Kn 19:17
u 2Kn 19:19; 2Kr 32:15; Job 15:25; Ps 2:2; Jes 36:20; Jes 37:23
v Ps 38:13; Ps 39:1; Pr 3:7
w Spr 9:7; Spr 26:4; Jes 36:21; 2Ti 2:24
x Ps 38:15
y 2Kn 18:18
z Jes 22:15
a Jes 36:3; Jes 36:22
b Ge 37:29; 2Kn 22:11

**Tweede kol.**

**HFST. 19**

a Jes 37:1
b 1Sa 4:12; 2Kn 18:37; Esr 9:3; Job 1:20
c Ge 37:34; 1Kn 21:27; 2Kn 6:30; Est 4:1; Ps 35:13; Jes 22:12
d 2Kr 7:16; Ps 73:17
e 2Kn 18:18
f Jes 37:2
g Jes 1:1
h Jes 2:1

i 2Sa 22:7; 2Kr 20:9; Job 5:19; Ho 5:15; j Heb 3:15; k 2Kn 18:32; Ne 4:4; l Jes 26:17; m Jes 37:3; n Ps 65:2; o 1Sa 17:45; 2Kn 18:35; p Ps 74:22; q 2Kr 32:20; Ps 50:15; Jak 5:16; r Jes 37:4; s Jes 37:5; t Jes 37:6; u De 20:3; Jes 41:10; Jes 51:7; v 2Kn 18:17; Ps 74:18; w Job 4:9; Jes 37:7; x Job 15:21; Spr 21:1; Ob 1; y 2Kr 32:21; Jes 37:38; z 2Kn 18:17.

Libna[a] veg; want hy het gehoor
dat hy van Lagis[b] af weggetrek
het. **9** Hy het gehoor dat daar
van Tirha′ka, die koning van
Etiopië, gesê word: “Kyk, hy het
uitgetrek om teen u te veg.”
Daarom het hy weer boodskap-
pers[c] na Hiski′a toe gestuur
en gesê: **10** “Só moet julle vir
Hiski′a, die koning van Juda, sê:
‘Moenie dat jou God op wie jy
vertrou, jou bedrieg nie[d] deur
te sê: “Jerusalem[e] sal nie in die
hand van die koning van Assi′-
rië gegee word nie.”[f] **11** Kyk!
Jy het gehoor wat die konings
van Assi′rië met al die lande ge-
doen het deur hulle aan vernie-
tiging oor te gee;[g] en sal jy ver-
los word?[h] **12** Het die gode[i]
van die nasies wat deur my
voorvaders verdelg is, hulle ver-
los, ja, Gosan[j] en Haran[k] en Re-
sef en die kinders van Eden[l] wat
in Tel-Assar was?[m] **13** Waar
is hy—die koning van Hamat[n]
en die koning van Arpad[o] en
die koning van die stede Sefar-
wa′im, Hena en Iwwa?’ ”[p]

**14** Toe het Hiski′a die brie-
we uit die hand van die bood-
skappers geneem en dit ge-
lees,[q] waarna Hiski′a na die
huis van Jehovah opgegaan en
dit voor Jehovah uitgesprei
het.[r] **15** En Hiski′a het voor
Jehovah begin bid[s] en gesê: “O
Jehovah, die God van Israel,[t]
wat op die gerubs sit,[u] u al-
leen is die ware God van al die
koninkryke[v] van die aarde.[w]
U het die hemel[x] en die aar-
de[y] gemaak. **16** Neig u oor, o
Jehovah, en hoor.[z] Open u oë,[a]
o Jehovah, en sien, en hoor
die woorde van San′herib wat
hy gestuur het om die lewen-
de God uit te tart.[b] **17** Dit is
waar, o Jehovah, die konings
van Assi′rië het die nasies en
hulle land verwoes.[c] **18** En
hulle het hulle gode aan die
vuur oorgegee, omdat hulle
geen gode was nie,[a] maar die
werk van mensehande,[b] hout
en klip; sodat hulle hulle vernie-
tig het. **19** En nou, o Jehovah
ons God,[c] red ons[d] asseblief uit
sy hand, sodat al die koninkry-
ke van die aarde kan weet dat u,
o Jehovah, alleen God is.”[e]

**20** En Jesaja, die seun van
Amos, het na Hiski′a gestuur en
gesê: “Só het Jehovah, die God
van Israel, gesê:[f] ‘Die gebed[g]
wat jy oor San′herib, die koning
van Assi′rië, tot my gerig het,
het ek gehoor.[h] **21** Dít is die
woord wat Jehovah teen hom
gespreek het:

“Die maagdelike dogter van
Sion het jou verag,[i] sy
het jou bespot.[j]
Agter jou het die dogter
van Jerusalem[k] haar
kop geskud.[l]
**22** Wie het jy uitgetart[m] en ge-
smaad?[n]
En teen wie het jy jou
stem verhef[o]
En slaan jy jou oë omhoog?[p]
Teen die Heilige van Is-
rael![q]
**23** Deur middel van jou bood-
skappers[r] het jy Jeho-
vah uitgetart, en jy sê:[s]
‘Met die menigte van my
strydwaens sal ek[t]—
Sal ek beslis die hoogte van
bergstreke bestyg,[u]
Die mees afgeleë dele van
die Li′banon;[v]
En ek sal sy hoë seders[w] af-
kap, sy beste jenewer-
bome.[x]
En ek sal sy laaste ver-
blyfplek binnedring, die
woud van sy boord.[y]

**HFST. 19**

a Jos 10:29, 2Kn 8:22, Jes 37:8
b 2Kn 18:14, Mi 1:13
c 2Kn 18:17
d 2Kn 18:5, 2Kn 18:30, 2Kr 32:15
e 2Kr 32:2
f Jes 37:10
g 2Kn 17:5, 2Kr 32:13, Jes 10:11
h Jes 37:11
i 1Kr 16:26, 1Ko 8:4
j Jes 37:12
k Ge 11:31, Ge 29:4
l Ese 27:23
m Jes 37:12
n 2Kn 17:24
o 2Kn 18:34
p Jes 37:13
q Jes 37:14
r 1Kn 8:30, Esr 9:5, Ps 74:10
s 2Kr 32:20, Da 9:3, Flp 4:6
t 1Kn 8:23
u Eks 25:22, Le 16:2, 1Sa 4:4, Ps 80:1
v 1Kr 29:11
w 2Kn 5:15, Jes 44:6, Da 4:25
x Ge 1:1, Ps 96:5, Ps 102:25, Joh 1:3
y Jes 37:16
z 1Kn 8:29, Ps 31:2, Ps 65:2
a 2Kr 16:9, Da 9:18
b Spr 27:11, Jes 37:4, Jes 37:17
c 2Kn 16:9, 2Kn 17:6, 2Kn 17:24

**Tweede kol.**

a Ps 96:5, Jes 37:19, Jes 41:29, 1Ko 8:4
b Ps 115:4, Jer 10:3, Han 17:29
c Ps 135:4
d Jes 37:20
e Ps 83:18, Jes 45:5
f Jes 37:21
g 2Kn 19:15, Spr 15:8
h Jes 58:9
i Klg 1:15, Klg 2:13, Mi 4:8, Sag 9:9
j Job 22:19
k Jes 37:22

**l** Job 16:4; Ps 22:7; Ps 109:25; Mt 27:39; **m** 2Kn 19:10; **n** Nu 15:30; **o** 2Kn 18:30; Jes 10:13; Jes 14:13; Mt 23:12; **p** Spr 30:13; Jes 37:23; **q** Ps 71:22; Ps 89:18; Jer 51:5; **r** 2Kn 18:17; **s** 2Kn 19:4; 2Kr 32:17; **t** Job 40:11; Ps 20:7; Ps 68:17; **u** Jes 10:10; **v** 1Kn 5:6; **w** Rig 9:15; 2Kn 14:9; **x** Jes 14:8; Jes 37:24; Jes 60:13; Ese 31:8; **y** Jes 37:24.

het Dawid redding gegee waar
hy ook al gegaan het.[s] 7 Ook
het Dawid die ronde skilde[t]
van goud geneem wat die kneg-
te van Hadade'ser gedra het,
en dit na Jerusalem gebring.[u]
8 En uit Tibhat[v] en Kun, stede
van Hadade'ser, het Dawid baie
groot hoeveelhede koper ge-
neem. Daarvan het Salomo die
kopersee[a] en die pilare[b] en die
kopervoorwerpe gemaak.[c]

9 Toe Toü, die koning van
Hamat,[d] hoor dat Dawid die
hele krygsmag van Hadade'-
ser,[e] die koning van Soba, ver-
slaan het, 10 het hy onmiddel-
lik sy seun Hado'ram[f] na koning
Dawid toe gestuur om hom na
sy welstand te vra en hom ge-
luk te wens omdat hy teen Ha-
dade'ser geveg het sodat hy
hom verslaan het (want Hada-
de'ser het ervare geword in oor-
logvoering teen Toü), en hy het
allerhande goue en silwer-[g] en
kopervoorwerpe by hom gehad.
11 Ook dit het koning Dawid
aan Jehovah geheilig[h] saam met
die silwer en die goud wat hy
van al die nasies[i] weggedra het,
van Edom en van Moab[j] en van
die kinders van Ammon[k] en van
die Filistyne[l] en van Amalek.[m]

12 Wat Abi'sai,[n] die seun van
Seru'ja,[o] betref, hy het die Edo-
miete in die Soutvallei ver-
slaan,[p] agtienduisend. 13 Toe
het hy garnisoene in Edom ge-
plaas, en al die Edomiete het
Dawid se knegte geword.[q] En
Jehovah het Dawid gered waar
hy ook al gegaan het.[r] 14 En
Dawid het oor die hele Israel bly
regeer,[s] en hy het voortdurend
regterlike beslissings gelewer
en regverdigheid uitgeoefen vir
sy hele volk.[t] 15 En Joab, die
seun van Seru'ja, was oor die
leër,[u] en Jo'safat,[v] die seun van
Ahi'lud, was kroniekskrywer.
16 En Sadok,[w] die seun van
Ahi'tub, en Ahime'leg,[x] die seun
van Abja'tar, was priesters, en
Sausa[y] was sekretaris. 17 En
Bena'ja,[z] die seun van Jo'jada,[a]
was oor die Keretiete[b] en die
Peletiete;[c] en die seuns van Da-

a 1Kn 1:38; b 1Sa 30:14; Sef 2:5; c 1Kn 1:44.

**HFST. 17**
a Ge 5:22
b 2Sa 7:28
c 2Sa 7:29
d Spr 10:6

**HFST. 18**
e 2Sa 8:1
f 1Sa 5:8; 1Sa 27:4; 2Sa 1:20
g Nu 24:17; Ps 60:8
h 2Sa 8:2; 2Kn 3:4
i 2Sa 8:3; 1Kn 11:23
j 1Sa 14:47; 2Sa 10:6; Ps 60:Ops
k 2Kr 8:3
l Ge 15:18; Eks 23:31
m 2Sa 8:4; Ps 20:7
n Ps 33:17
o De 17:16; Jos 11:6
p 1Sa 14:47
q Jes 7:8
r 2Sa 8:6; Spr 13:22
s 1Kr 17:8
t 1Kn 10:16
u 2Sa 8:7
v 2Sa 8:8

**Tweede kol.**
a 1Kn 7:23
b 1Kn 7:15; Jer 52:20
c 1Kn 7:45
d 2Sa 8:9
e 2Sa 8:3
f 2Sa 8:10
g 2Kr 9:24
h Jos 6:19; 1Kr 29:14; 2Kr 5:1
i 2Sa 8:11
j 2Sa 8:12
k 1Kr 20:1
l 2Sa 5:25
m 1Sa 27:8; 1Sa 30:20
n 1Sa 26:6; 2Sa 3:30; 2Sa 10:10; 2Sa 20:6
o 2Sa 21:17; 1Kr 2:16
p 2Sa 8:13
q Ge 25:23; Ge 27:40
r 2Sa 8:14; Ps 18:48; Ps 144:10
s 1Kn 2:11
t 2Sa 8:15; 2Sa 23:3; Ps 78:72
u 2Sa 8:16; 1Kr 11:6
v 1Kn 4:3
w 2Sa 20:25
x 2Sa 8:17
y 2Sa 20:25
z 2Sa 8:18

wid was die eerste in posisie aan
die sy van die koning.[a]

19 En daarna het Nahas,[b]
die koning van die kin-
ders van Ammon, te sterwe ge-
kom, en sy seun het in sy plek
begin regeer.[c] 2 Daarop het
Dawid gesê: “Ek sal liefdery-
ke goedhartigheid[d] bewys teen-
oor Hanun, die seun van Na-
has, omdat sy vader liefderyke
goedhartigheid teenoor my be-
wys het.”[e] Toe het Dawid bood-
skappers gestuur om hom oor
sy vader te troos, en die kneg-
te van Dawid het in die land
van die kinders van Ammon[f] by
Hanun gekom om hom te troos.
3 Die vorste van die kinders
van Ammon het egter vir Ha-
nun gesê: “Eer Dawid u vader
in u oë deurdat hy vertroosters
na u toe gestuur het? Is dit nie
om die land deeglik te deursoek
en te verwoes en te verken[g] dat
sy knegte na u toe gekom het
nie?”[h] 4 Daarop het Hanun
die knegte van Dawid geneem[i]
en hulle geskeer[j] en hulle klere
in die helfte afgesny tot by hul-
le sitvlak[k] en hulle weggestuur.[l]
5 Later het mense gegaan en
Dawid van die manne vertel; en
hy het dadelik gestuur om hul-
le tegemoet te gaan, want die
manne was baie verneder; en
die koning het gesê: “Bly in
Je′rigo[m] totdat julle baard we-
lig groei. Dan moet julle terug-
keer.”

6 Met verloop van tyd het
die kinders van Ammon gesien
dat hulle ’n stank geword het[n]
vir Dawid, en Hanun[o] en die
kinders van Ammon het dui-
send talente silwer[p] gestuur om
vir hulle strydwaens[q] en ruiters
uit Mesopota′mië en uit A′ram-
Ma′äga[r] en uit Soba[s] te huur.
7 So het hulle vir hulle twee-
en-dertigduisend strydwaens[t]
en die koning van Ma′äga en
sy manskappe gehuur.[a] Toe het
hulle ingekom en voor Mede′ba[b]
kamp opgeslaan; en wat die kin-
ders van Ammon betref, hulle
het uit hulle stede bymekaarge-
kom en toe gekom om oorlog te
voer.

8 Toe Dawid dit hoor, het hy
onmiddellik Joab[c] en die hele
leër en die sterk manne[d] ge-
stuur. 9 En die kinders van
Ammon het begin uittrek en
hulle by die ingang van die stad
in slagorde opgestel, en die ko-
nings[e] wat gekom het, was af-
sonderlik in die oop veld.

10 Toe Joab sien dat die
stormaanvalle van voor en van
agter teen hom gerig is, het hy
dadelik uit al die uitgesoekte
manne in Israel ’n aantal gekies
en hulle in slagorde opgestel om
die Siriërs tegemoet te trek.[f]
11 En die res van die manskap-
pe het hy in die hand van sy
broer Abi′sai[g] gegee, sodat hulle
hulle in slagorde kon opstel om
die kinders van Ammon[h] tege-
moet te trek. 12 En hy het ge-
sê: “As die Siriërs[i] vir my te
sterk word, dan moet jy vir my
’n redding wees;[j] maar as die
kinders van Ammon vir jou te
sterk word, dan sal ek jou red.[k]
13 Wees sterk,[l] sodat ons moe-
dig kan wees ten behoewe van
ons volk en ten behoewe van die
stede van ons God;[m] en wat Je-
hovah betref, hy sal doen wat
goed is in sy oë.”[n]

14 Toe het Joab en die man-
skappe wat by hom was, voor
die Siriërs na die geveg opge-
ruk,[o] en hulle het voor hom ge-
vlug.[p] 15 Wat die kinders van
Ammon betref, hulle het gesien
dat die Siriërs gevlug het, en
hulle het ook voor sy broer Abi′-
sai gevlug[q] en toe in die stad in-
gekom.[r] Later het Joab in Jeru-
salem ingekom.

HFST. 18
a 2Sa 8:18

HFST. 19
b 1Sa 11:1
c 2Sa 10:1
d 2Sa 9:7; Spr 19:22
e 2Sa 10:2
f Ge 19:38
g Jos 2:1
h Jes 32:7
i Ps 35:12
j Le 19:27
k Jes 20:4
l 2Sa 10:4
m 1Kn 16:34
n 1Sa 13:4
o 2Sa 10:1
p 2Kr 25:6
q Ps 20:7
r 2Sa 10:6
s 1Sa 14:47; 2Sa 8:3
t Jes 31:1

Tweede kol.
a 2Sa 10:6
b Jos 13:9
c 2Sa 8:16
d 2Sa 23:8
e 2Sa 10:8
f 2Sa 10:9; Spr 20:18
g 1Kr 11:20
h 2Sa 8:12
i 2Sa 8:5
j Pr 4:9
k 2Sa 10:11
l De 31:6; Jos 1:7
m 2Sa 10:12
n Jes 46:10
o 2Sa 10:13
p Le 26:7; De 28:7
q Le 26:8
r 2Sa 10:14

**16** Toe die Siriërs sien dat hulle voor Israel verslaan is,[a] het hulle boodskappers gestuur en die Siriërs uitgebring wat in die streek van die Rivier[b] was, met Sofag, die leërhoof van Hadade′ser, voor hulle.

**17** Toe daar aan Dawid berig gebring is, het hy onmiddellik die hele Israel versamel en deur die Jordaan getrek en by hulle gekom en hom in slagorde teen hulle opgestel.[c] Toe Dawid hom in slagorde opgestel het om die Siriërs tegemoet te trek, het hulle teen hom begin veg. **18** Maar die Siriërs het weens Israel gevlug;[d] en Dawid het van die Siriërs seweduisend strydwadrywers en veertigduisend voetsoldate doodgemaak, en Sofag, die leërhoof, het hy doodgemaak.[e] **19** Toe die knegte van Hadade′ser sien dat hulle voor Israel verslaan is,[f] het hulle dadelik met Dawid vrede gemaak en hom begin dien;[g] en Sirië wou die kinders van Ammon nie weer probeer red nie.[h]

**20** En teen die tyd van die jaarwisseling,[i] teen die tyd dat konings uittrek,[j] het Joab die leërmag aangevoer[k] en die land van die kinders van Ammon in puin gelê en gekom en Rabba[l] beleër, terwyl Dawid in Jerusalem gebly het; en Joab het Rabba verslaan[m] en dit afgebreek. **2** Maar Dawid het die kroon van Malkam van sy kop afgeneem[n] en gevind dat die gewig daarvan ’n talent goud was, en daar was edelstene in; en dit het op Dawid se kop gekom. En die buit van die stad wat hy uitgebring het, was baie groot.[o] **3** En die mense wat daarin was, het hy uitgebring, en hy het hulle gebruik[p] om klippe te saag en om met skerp ysterwerktuie en met byle te werk;[a] en so het Dawid met al die stede van die kinders van Ammon gedoen. Uiteindelik het Dawid en al die mense na Jerusalem teruggekeer.

**4** En hierna het daar in Geser[b] oorlog begin uitbreek met die Filistyne.[c] Toe het Sib′begai,[d] die Husatiet, Sippai doodgemaak, van dié wat uit die Refaïete[e] gebore is, sodat hulle onderwerp is.

**5** En daar was weer oorlog met die Filistyne; en El′hanan,[f] die seun van Jaïr, het Lagmi, die broer van Go′liat,[g] die Gittiet, doodgemaak, wie se spiessteel soos ’n wewersbalk was.[h]

**6** En daar was weer oorlog in Gat,[i] toe daar ’n buitengewone groot man[j] was wie se vingers en tone in sesse was, vier-en-twintig;[k] en ook hy is vir die Refaïete gebore.[l] **7** En hy het Israel bly uittart.[m] Uiteindelik het Jo′natan, die seun van Si′mea,[n] die broer van Dawid, hom doodgemaak.

**8** Hulle is vir die Refaïete[o] in Gat[p] gebore; en hulle het deur die hand van Dawid en deur die hand van sy knegte geval.[q]

**21** En Satan het teen Israel opgestaan en Dawid aangehits[r] om Israel te tel. **2** Toe het Dawid vir Joab[s] en die hoofde van die volk gesê: “Gaan, tel[t] Israel van Berse′ba[u] tot Dan[v] en bring dit vir my sodat ek hulle getal kan weet.”[w] **3** Maar Joab het gesê: “Mag Jehovah by sy volk honderd keer meer byvoeg as wat hulle is.[x] Behoort hulle nie, o my heer die koning, almal aan my heer as knegte nie? Waarom verlang my heer dit?[y] Waarom sou hy vir Israel ’n oorsaak van skuld word?”

**4** Die koning se woord[z] het egter oor Joab geseëvier, sodat Joab uitgegaan[a] en deur die

HFST. 19
a 2Sa 10:15
b 2Sa 8:3
c 2Sa 10:17
d 1Kr 19:14 Ps 33:16
e 2Sa 10:18
f De 28:7 Ps 18:39
g 1Kr 14:17 Ps 18:44
h 2Sa 10:19

HFST. 20
i 1Kn 20:26
j 2Sa 11:1 Pr 3:8
k 1Kr 11:6
l De 3:11
m 2Sa 12:26
n 2Sa 12:30
o 2Sa 8:11 1Kr 18:11
p 1Kn 9:21

Tweede kol.
a 2Sa 12:31
b 2Sa 21:18
c 2Sa 21:15
d 1Kr 11:29
e De 3:13
f 2Sa 21:19
g 1Sa 17:4 1Sa 21:9 1Sa 22:10
h 1Sa 17:7 1Kr 11:23
i Jos 11:22 1Sa 7:14
j Nu 13:33 De 2:10 De 3:11
k 2Sa 21:20
l 2Sa 21:16
m De 32:27 1Sa 17:10 2Kn 19:22
n 1Kr 2:13
o De 2:11
p 1Sa 17:4
q 1Sa 20:15

HFST. 21
r 2Sa 24:1
s 2Sa 8:16
t 1Kr 27:23
u 2Sa 17:11
v Rig 18:29 2Sa 3:10
w 2Sa 24:2
x De 1:11
y 2Sa 24:3
z Pr 8:4
a 2Sa 24:4

hele Israel getrek het, waar-
na hy by Jerusalem gekom het.[a]
**5** Joab het toe die getal van die
registrasie van die volk aan Da-
wid gegee; en die hele Israel
was eenmiljoen-eenhonderd-
duisend man wat die swaard
kon trek,[b] en Juda vierhon-
derd-en-sewentigduisend man
wat die swaard kon trek. **6** En
Levi[c] en Benjamin het hy nie
onder hulle geregistreer nie,[d]
omdat die koning se woord vir
Joab verfoeilik was.

**7** En hierdie saak was sleg
in die oë van die ware God,[e]
en daarom het hy Israel ge-
tref. **8** Gevolglik het Dawid
vir die ware God gesê: “Ek
het grootliks gesondig[f] deur-
dat ek hierdie ding gedoen het.
En sien dan nou asseblief u
kneg se oortreding oor;[g] want
ek het baie dwaas opgetree.”[h]
**9** En Jehovah het met Gad,[i] Da-
wid se siener,[j] gepraat en gesê:
**10** “Gaan, en jy moet met Da-
wid praat en sê: ‘Só het Jehovah
gesê: “Drie dinge rig ek teen
jou.[k] Kies vir jou een daarvan,
dat ek jou dit kan aandoen.” ’ ”[l]
**11** Toe het Gad na Dawid toe
gegaan[m] en vir hom gesê:
“Só het Jehovah gesê: ‘Kies jy
**12** of daar drie jaar honger-
snood[n] moet wees, of drie maan-
de waarin jy voor jou teen-
standers weggevee word[o] en die
swaard van jou vyande jou in-
haal, of drie dae waarin die
swaard van Jehovah,[p] ja pes,[q] in
die land is, met Jehovah se en-
gel wat verwoesting aanrig[r]
in die hele gebied van Israel.’
En sien nou wat ek die Een
moet antwoord wat my stuur.”
**13** Toe het Dawid vir Gad gesê:
“Ek is baie benoud. Laat my as-
seblief in die hand van Jehovah
val,[s] want sy barmhartighede is
oorvloedig;[t] maar laat my nie in
die hand van die mens val nie.”[u]

**14** Toe het Jehovah ’n pes[a] in
Israel gegee, sodat daar van Is-
rael sewentigduisend mense ge-
val het.[b] **15** Ook het die ware
God ’n engel na Jerusalem ge-
stuur om dit te verwoes;[c] en
net toe hy dit begin verwoes,
het Jehovah dit gesien en begin
spyt voel oor die rampspoed;[d]
en daarom het hy vir die engel
wat die verwoesting aangerig
het, gesê: “Dit is genoeg![e] Laat
nou jou hand sak.” En Jehovah
se engel het naby die dorsvloer
van Ornan,[f] die Jebusiet,[g] ge-
staan.

**16** Toe Dawid sy oë opslaan,
het hy Jehovah se engel[h] tus-
sen die aarde en die hemel sien
staan met sy ontblote swaard[i]
in sy hand, uitgestrek na Je-
rusalem; en Dawid en die ouer
manne, met saklinne[j] bedek,
het dadelik op hulle gesig neer-
geval.[k] **17** En Dawid het vir
die ware God gesê: “Was dit nie
ek wat gesê het dat ’n volkstel-
ling gehou moet word nie, en
is dit nie ek wat gesondig en
onteenseglik kwaad gedoen het
nie?[l] Wat hierdie skape[m] betref,
wat het hulle gedoen? O Jeho-
vah my God, laat u hand asse-
blief teen my en my vader se
huis kom; maar nie as ’n plaag
teen u volk[n] nie.”

**18** En wat Jehovah se en-
gel betref, hy het Gad[o] aan-
gesê om vir Dawid te sê dat
Dawid moet opgaan om vir Je-
hovah op die dorsvloer van Or-
nan, die Jebusiet,[p] ’n altaar op
te rig. **19** Toe het Dawid op-
gegaan volgens die woord van
Gad wat hy in die naam van
Jehovah gespreek het.[q] **20** In-
tussen het Ornan[r] omgedraai
en die engel gesien; en sy vier
seuns wat by hom was, het weg-
gekruip. En Ornan was besig
om koring te dors. **21** En Da-
wid het tot by Ornan gekom.

**HFST. 21**
a 2Sa 24:8
b 2Sa 24:9
c Nu 1:47
d 1Kr 27:24
e 2Sa 11:27
f 2Sa 12:13
g Ps 25:11; Ps 51:1
h 2Sa 24:10
i 2Sa 24:11; 1Kr 29:29
j 1Sa 9:9
k 2Sa 24:12
l Spr 3:12
m 2Sa 24:13
n Le 26:26
o Le 26:17; De 28:25
p Le 26:25
q De 28:22; De 28:27; 2Sa 24:13
r 2Kn 19:35
s 2Sa 24:14
t Eks 34:6; Ps 51:1; Jes 55:7; Klg 3:22
u 2Kr 28:9

**Tweede kol.**
a Nu 16:46
b 2Sa 24:15
c 2Sa 24:16
d Eks 32:14; De 32:36
e Ps 90:13
f 2Sa 24:18; 2Kr 3:1
g 2Sa 5:6
h Nu 22:31
i Jos 5:13
j 1Kn 21:27; 2Kn 19:1; Ps 35:13
k Nu 16:22
l 2Sa 24:17; Ps 51:4
m Ps 44:11
n Eks 32:12
o 2Sa 24:11
p 2Sa 24:18; 2Kr 3:1
q 2Sa 24:19
r 1Kr 21:15

Toe Ornan kyk en Dawid sien,[a]
het hy onmiddellik van die dors-
vloer af uitgegaan en hom met
sy gesig na die aarde voor Da-
wid neergebuig. **22** Toe het
Dawid vir Ornan gesê: “Gee my
tog die plek van die dorsvloer,
sodat ek daarop vir Jehovah ’n
altaar kan bou. Gee dit aan my[b]
vir die volle bedrag geld,[c] so-
dat die plaag[d] onder die volk ge-
stuit kan word.” **23** Maar Or-
nan het vir Dawid gesê: “Neem
dit vir u,[e] en laat my heer die
koning doen wat goed is in sy
oë. Kyk, ek gee die beeste[f] vir
brandoffers en die dorsslee[g] vir
die hout[h] en die koring as ’n
graanoffer. Dit alles gee ek.”[i]

**24** Maar koning Dawid het
vir Ornan gesê: “Nee, maar ek
sal dit vir seker vir die vol-
le bedrag geld koop,[j] want ek
sal nie wat joune is, vir Jeho-
vah neem om kosteloos brand-
offers te bring nie.” **25** En Da-
wid het aan Ornan seshonderd
goue sikkels in gewig vir die
plek gegee.[k] **26** Toe het Da-
wid daar vir Jehovah ’n altaar
gebou[l] en brandoffers en ge-
meenskapsoffers gebring, en hy
het Jehovah aangeroep,[m] wat
hom toe met vuur[n] uit die he-
mel op die brandofferaltaar ge-
antwoord het. **27** En Jehovah
het die woord tot die engel ge-
spreek,[o] wat toe sy swaard weer
in sy skede gesteek het. **28** In
dié tyd, toe Dawid sien dat Je-
hovah hom op die dorsvloer
van Ornan, die Jebusiet, geant-
woord het, het hy daar offe-
randes bly bring.[p] **29** Maar die
tabernakel van Jehovah wat
Moses in die wildernis gemaak
het en die brandofferaltaar was
toe op die hoogte in Giʹbeon.[q]
**30** En Dawid kon nie daarheen
gaan om God te raadpleeg nie,
want hy was verskrik[r] weens
die swaard van Jehovah se en-
gel.

**22** Toe het Dawid gesê: “Dit
is die huis[a] van Jehovah,
die ware God, en dit is ’n brand-
offeraltaar[b] vir Israel.”

**2** En Dawid het gesê dat die
inwonende vreemdelinge[c] wat
in die land van Israel was, by-
mekaargebring moes word, en
toe het hy hulle as klipkap-
pers[d] aangestel om vierkan-
tige klippe te kap[e] vir die bou
van die huis van die ware God.
**3** En Dawid het baie yster vir
spykers vir die poortdeure en
vir klampe gereedgemaak, en
ook soveel koper dat dit on-
weegbaar was,[f] **4** en ook se-
derstompe[g] sonder tal; want die
Sidoniërs[h] en die Tiriërs[i] het
vir Dawid baie sederstompe ge-
bring. **5** Toe het Dawid gesê:
“My seun Salomo is jonk en
teer,[j] en die huis wat vir Je-
hovah gebou moet word, moet
alles in luisterrykheid oortref,[k]
tot ’n sieraad[l] en ’n roem vir
al die lande. Laat ek dan vir
hom voorbereidings tref.” Daar-
om het Dawid voor sy dood baie
voorbereidings getref.[m]

**6** Ook het hy sy seun Salomo
geroep sodat hy hom kon beveel
om ’n huis vir Jehovah, die God
van Israel, te bou. **7** En Da-
wid het vir sy seun Salomo ge-
sê: “Wat my betref, dit het my
na aan die hart gelê[n] om ’n huis
vir die naam[o] van Jehovah my
God te bou. **8** Maar Jehovah
se woord het teen my gekom
en gesê: ‘Jy het baie bloed ver-
giet,[p] en jy het groot oorloë ge-
voer.[q] Jy sal nie ’n huis vir my
naam bou nie,[r] want jy het baie
bloed voor my op die aarde ver-
giet. **9** Kyk! ’n Seun[s] word vir
jou gebore. Hy sal ’n man van
rus wees, en ek sal hom beslis
rus gee van al sy vyande rond-

**HFST. 21**
a 2Sa 24:20
b 2Sa 24:21
c Ge 23:9
d Nu 25:8
e Ge 23:11
f 1Sa 6:14; 1Kn 19:21
g Jes 28:27
h 2Sa 24:22
i 2Sa 24:23
j Ge 23:13
k 2Sa 24:24
l Eks 20:25; 2Sa 24:25
m 1Sa 7:9; Ps 91:15
n Le 9:24; 1Kn 18:38; 2Kr 7:1
o 2Sa 24:16; Ps 103:20
p 2Sa 24:25
q 1Kn 3:4; 1Kr 16:39; 2Kr 1:3
r 2Sa 6:9; Ps 119:120

**Tweede kol.**

**HFST. 22**
a De 12:5; 2Kr 3:1
b 2Sa 24:18
c 1Kn 9:21; 2Kr 2:17
d 1Kn 5:17
e 1Kn 6:7; 1Kn 7:9
f 1Kn 7:47
g 2Sa 5:11
h 1Kn 5:6
i 2Kr 2:3
j 1Kn 3:7; 1Kr 29:1
k 2Kr 2:5; Ps 68:29
l Jes 64:11; Hag 2:3
m Pr 9:10
n 2Sa 7:2; 1Kn 8:17; Ps 132:5
o De 12:5
p 1Kr 28:3
q 1Kn 5:3
r 1Kr 17:4; 2Kr 6:9
s 2Sa 7:12; 1Kr 28:5

om;[a] want Salomo[b] sal sy naam
wees, en in sy dae sal ek vre-
de[c] en stilte aan Israel verskaf.
**10** Hý sal ’n huis vir my naam
bou,[d] en hy sal vir my ’n seun[e]
word, en ek vir hom ’n vader.[f]
En ek sal beslis die troon van sy
koningskap[g] tot onbepaalde tyd
stewig oor Israel vestig.’
**11** “En nou, my seun, mag
Jehovah met jou wees, en jy
sal suksesvol wees en die huis
van Jehovah jou God bou, net
soos hy oor jou gespreek het.[h]
**12** Mag Jehovah jou net oor-
deelkundigheid en begrip gee,[i]
en mag hy jou bevel gee oor Is-
rael, ja, om die wet van Jehovah
jou God te onderhou.[j] **13** Dan
sal jy suksesvol wees[k] as jy die
voorskrifte[l] en die regterlike
beslissings[m] sorgvuldig uitvoer
wat Jehovah Moses aangaande
Israel beveel het.[n] Wees moedig
en sterk.[o] Moenie bang[p] of ver-
skrik[q] wees nie. **14** En kyk,
gedurende my ellende[r] het ek
vir Jehovah se huis honderddui-
send talente goud[s] en ’n miljoen
talente silwer gereedgemaak,
en die koper[t] en die yster[u] kan
nie geweeg word nie omdat daar
so ’n groot hoeveelheid is; en
balke en klippe het ek gereed-
gemaak, maar daarby sal jy nog
byvoeg. **15** En by jou is daar
baie mense wat die werk doen,
klipkappers en bewerkers van
klip[v] en hout en elkeen wat
vaardig is in elke soort werk.[w]
**16** Die goud, die silwer en die
koper en die yster kan nie getel
word nie.[x] Staan op en werk,[y]
en mag Jehovah met jou wees.”[z]
**17** En Dawid het al die vors-
te van Israel beveel om sy seun
Salomo te help: **18** “Is Jeho-
vah julle God nie met julle nie,[a]
en het hy julle nie aan alle kan-
te rus gegee nie?[b] Want hy het
die inwoners van die land in my
hand gegee, en die land is voor
Jehovah en voor sy volk onder-
werp.[a] **19** Rig nou julle hart
en julle siel[b] daarop om Jehovah
julle God te soek,[c] en staan op
en bou die heiligdom[d] van Jeho-
vah, die ware God,[e] om die ark[f]
van die verbond van Jehovah en
die heilige voorwerpe van die
ware God na die huis te bring
wat vir die naam[g] van Jehovah
gebou word.”

**23** En Dawid was oud[h] en
versadig van dae, en
daarom het hy sy seun Salo-
mo[i] koning oor Israel gemaak.
**2** En hy het al die vorste[j]
van Israel en die priesters[k] en
die Leviete[l] versamel. **3** Toe
is die Leviete van dertig jaar
en ouer getel;[m] en hulle getal,
kop vir kop, man vir man, was
agt-en-dertigduisend. **4** Van
hulle was daar vier-en-twintig-
duisend om oor die werk van
die huis van Jehovah toesig te
hou; en sesduisend as beamp-
tes[n] en regters;[o] **5** en vierdui-
send poortwagters[p] en vierdui-
send wat Jehovah loof[q] op die
instrumente[r] wat, so het Dawid
gesê, “ek gemaak het om lof te
bring”.
**6** Toe het Dawid hulle in af-
delings[s] volgens die seuns van
Levi[t] verdeel, volgens Gerson,
Kehat en Mera′ri. **7** Van die
Gersoniete: Ladan en Si′meï.
**8** Die seuns van Ladan was Je-
hi′ël,[u] die hoofman, en Setam
en Joël,[v] drie. **9** Die seuns van
Si′meï was Selo′mot en Hasi′ël
en Haran, drie. Dit was die hoof-
de van die vaderhuise vir La-
dan. **10** En die seuns van Si′-
meï was Jahat, Sina en Jeüs
en Beri′a. Hierdie vier was die
seuns van Si′meï. **11** En Jahat
was die hoof, en Sisa die tweede.
Wat Jeüs en Beri′a betref, hulle

HFST. 22
a 1Kn 4:25 1Kn 5:4
b 2Sa 12:24
c Ps 72:7 Jes 9:7
d 1Kn 5:5 1Kr 17:12
e 1Kr 17:13
f 2Sa 7:14 Heb 1:5
g 1Kr 17:14 Ps 89:36
h 1Kr 28:20
i 2Kr 1:10 Ps 72:1
j De 4:6 Ps 19:11
k Jos 1:8 1Kn 2:3
l De 12:1 De 17:19
m Le 19:37 1Kr 28:7
n Nu 36:13
o Jos 1:6 1Kr 28:20
p De 31:6
q Jos 1:9 2Ti 1:7
r Job 14:1 Ro 8:22
s 1Kr 29:4
t 1Kr 29:2
u 1Kr 29:7
v 1Kn 5:17 1Kn 6:7 1Kn 7:9
w 1Kn 7:14 Spr 22:29
x 1Kr 22:3
y Flp 2:13
z 2Kr 1:1 Ro 8:31
a Rig 6:12
b 2Sa 7:1 Spr 16:7

Tweede kol.
a 2Sa 5:20 Ps 44:2
b De 4:29
c 2Kr 20:3 Da 9:3
d 2Kr 20:8
e 1Kn 6:1
f 1Kn 8:6 1Kn 8:21 2Kr 5:7
g De 12:21 1Kn 8:29 1Kn 9:3

HFST. 23
h 1Kn 1:1
i 1Kn 1:33 1Kn 1:39 1Kr 28:5
j 1Kr 22:17 1Kr 28:1
k Eks 29:9
l Nu 3:6 1Kr 13:2
m Nu 4:3
n 1Kr 26:29
o De 16:18 2Kr 19:8
p 1Kr 26:12

q 1Kr 6:31; 1Kr 9:33; r 1Kn 10:12; s 2Kr 8:14; 2Kr 31:2; t Eks 6:16; u 1Kr 26:21; v 1Kr 26:22.

het nie baie seuns gehad nie;
daarom het hulle ’n vaderhuis[a]
vir een ampsgroep geword.
**12** Die seuns van Kehat[b] was
Amram, Jishar,[c] Hebron[d] en Us′-
siël,[e] vier. **13** Die seuns van
Amram was Aäron[f] en Moses.[g]
Maar Aäron is afgesonder[h] om
die Allerheiligste[i] te heilig, hy
en sy seuns tot onbepaalde tyd,
om offerrook[j] voor Jehovah te
laat opgaan, om hom te dien[k]
en om tot onbepaalde tyd in
sy naam te seën.[l] **14** Wat Mo-
ses, die man van die ware God,[m]
betref, sy seuns is deurentyd
by die stam van die Leviete
gereken.[n] **15** Die seuns van
Moses was Gersom[o] en Eliëser.[p]
**16** Die seuns van Gersom was
Se′buel,[q] die hoof. **17** En die
seuns van Eliëser was Rehab′-
ja,[r] die hoof; en Eliëser het nie
ander seuns gehad nie, maar die
seuns van Rehab′ja het buiten-
gewoon baie geword. **18** Die
seuns van Jishar[s] was Se′lomit,[t]
die hoofman. **19** Die seuns
van Hebron was Jeri′a, die hoof,
Amar′ja, die tweede, Jaha′siël,
die derde, en Jeka′meam,[u] die
vierde. **20** Die seuns van Us′-
siël[v] was Miga, die hoof, en Jis-
si′a, die tweede.
**21** Die seuns van Mera′ri[w]
was Magli en Musi.[x] Die seuns
van Magli was Elea′sar[y] en Kis.
**22** Maar Elea′sar het gesterf;
en hy het nie seuns gehad nie,
maar dogters. En die seuns
van Kis, hulle broers, het hul-
le as vrouens geneem.[z] **23** Die
seuns van Musi was Magli en
Eder en Je′remot,[a] drie.
**24** Dit was die seuns van
Levi volgens die huis van hulle
vaders,[b] die hoofde van die va-
derhuise, volgens hulle aange-
steldes, volgens die getal name,
kop vir kop, dié wat die diens-
werk[c] van die huis van Jehovah
gedoen het, van twintig jaar en
ouer.[a] **25** Want Dawid het ge-
sê: “Jehovah, die God van Israel,
het aan sy volk rus gegee,[b] en
hy sal tot onbepaalde tyd in Je-
rusalem woon.[c] **26** En ook sal
die Leviete nie die tabernakel
of enige van sy diensvoorwerpe
hoef te dra nie.”[d] **27** Want vol-
gens die laaste woorde[e] van Da-
wid was dit die getal van die
seuns van Levi van twintig jaar
en ouer. **28** Want hulle taak
was om tot beskikking van die
seuns van Aäron[f] te wees vir
die diens van die huis van Jeho-
vah, oor die voorhowe[g] en oor
die eetkamers[h] en oor die rei-
niging van elke heilige ding[i] en
die dienswerk van die huis van
die ware God, **29** ja, vir die
stapelbrood[j] en vir die fynmeel[k]
vir die graanoffer en vir die on-
gesuurde[l] platkoeke[m] en vir die
bakplaatkoeke[n] en vir die ge-
mengde[o] deeg en vir al die in-
houdsmate en lengtemate;[p]
**30** en om oggend na oggend[q]
te staan[r] ten einde Jehovah te
dank[s] en te loof,[t] en so ook
saans; **31** en om al die brand-
offers aan Jehovah te bring op
die sabbatte,[u] op die nuwema-
ne[v] en op die feestye,[w] volgens
getal ooreenkomstig die reël
daarvoor, voortdurend voor Je-
hovah. **32** En hulle het gesorg
vir die bewaking[x] van die tent
van samekoms en die bewaking
van die heiligdom[y] en die bewa-
king van die seuns van Aäron,
hulle broers, vir die diens van
die huis van Jehovah.[z]

**24** En die seuns van Aäron
het hulle afdelings gehad.
Die seuns van Aäron was Na-
dab[a] en Abi′hu,[b] Elea′sar[c] en
I′tamar.[d] **2** Nadab en Abi′hu[e]
het egter voor hulle vader ge-
sterf,[f] en hulle het geen seuns
gehad nie, maar Elea′sar[g] en

**HFST. 23**
a 1Kr 24:4
b Eks 6:18
c Eks 6:21
d Nu 3:27
e 1Kr 6:2
f Eks 4:14
g Eks 6:20; Eks 6:26
h Eks 28:1; Heb 5:4
i Heb 9:7
j 1Sa 2:28
k De 21:5
l Le 9:22; Nu 6:23
m Ps 90:Ops
n 1Kr 26:24
o Eks 2:22
p Eks 18:4
q 1Kr 26:24
r 1Kr 26:25
s Nu 3:27
t 1Kr 24:22
u 1Kr 24:23
v Eks 6:22
w Eks 6:19
x Nu 26:58; 1Kr 24:30
y 1Kr 24:28
z Nu 36:11
a 1Kr 24:30
b Nu 26:58
c 1Kr 28:13

**Tweede kol.**
a Esr 3:8
b 2Sa 7:1; 1Kr 22:18
c 1Kn 8:13; Ps 135:21
d Nu 4:15; Nu 4:49
e 2Sa 23:2
f Nu 3:9
g 1Kn 6:36
h 1Kr 9:26
i Ne 12:45
j Le 24:6; 1Kr 9:32
k 1Kr 9:29
l Eks 29:2
m Eks 29:23; Le 2:4
n Le 7:9
o Le 7:12
p Le 19:36
q Eks 29:39
r 1Kr 16:37
s Le 22:29; Ps 105:1; Flp 4:6
t 1Kr 16:4; Ps 69:30; 2Ko 11:31
u Eks 20:10
v Nu 10:10; Ps 81:3
w Le 23:4
x Nu 1:53
y 1Kr 9:27
z Nu 3:9

**HFST. 24**
a Eks 6:23
b Le 10:1
c Eks 28:1

d Nu 3:2; e Eks 6:23; f Nu 26:61; g Nu 16:39.

I′tamar het as priesters bly
dien. **3** En Dawid, en Sadok[a]
uit die seuns van Elea′sar, en
Ahime′leg[b] uit die seuns van
I′tamar, het hulle in afdelings
ingedeel vir hulle amp in hulle
diens.[c] **4** Maar daar is gevind
dat daar meer hoofmanne on-
der die seuns van Elea′sar was
as onder die seuns van I′tamar.
Toe het hulle hulle so verdeel:
vir die seuns van Elea′sar as
hoofde vir hulle vaderhuise, ses-
tien, en vir die seuns van I′ta-
mar as hoofde vir hulle vader-
huise, agt.

**5** Verder het hulle hulle deur
die lot verdeel,[d] die een groep
sowel as die ander, want uit die
seuns van Elea′sar en uit die
seuns van I′tamar moes daar
hoofde van die heiligdom[e] en
hoofde van die ware God wees.
**6** Toe het Sema′ja, die seun van
Neta′nel, die sekretaris[f] van die
Leviete, hulle opgeskryf voor
die koning en die vorste en Sa-
dok,[g] die priester, en Ahime′-
leg,[h] die seun van Abja′tar,[i]
en die hoofde van die vaderhui-
se van die priesters en van die
Leviete;[j] een vaderhuis is vir
Elea′sar[k] uitgekies en een is vir
I′tamar[l] uitgekies.

**7** En die lot het uitgekom:
die eerste vir Jo′jarib;[m] vir Je-
da′ja die tweede, **8** vir Harim
die derde, vir Seo′rim die vier-
de, **9** vir Malki′a die vyfde,
vir Mija′min die sesde, **10** vir
Hakkos die sewende, vir Abi′a[n]
die agtste, **11** vir Je′sua die
negende, vir Segan′ja die tien-
de, **12** vir El′jasib die elfde,
vir Jakim die twaalfde, **13** vir
Huppa die dertiende, vir Jese′-
beab die veertiende, **14** vir
Bilga die vyftiende, vir Immer
die sestiende, **15** vir Hesir die
sewentiende, vir Happis′ses
die agtiende, **16** vir Petag′ja
die negentiende, vir Jehes′-
kel die twintigste, **17** vir Ja-
gin die een-en-twintigste, vir
Gamul die twee-en-twintigste,
**18** vir Dela′ja die drie-en-twin-
tigste, vir Maäs′ja die vier-en-
twintigste.

**19** Dit was hulle ampte[a] vir
hulle diens,[b] om in die huis van
Jehovah in te gaan volgens die
reg wat hulle toegekom het[c]
deur die hand van hulle voor-
vader Aäron, net soos Jehovah,
die God van Israel, hom beveel
het.

**20** En van die seuns van Le-
vi wat oorgebly het, was daar
van die seuns van Amram:[d] Su′-
bael;[e] van die seuns van Su′-
bael: Jeg′deja; **21** van Rehab′-
ja:[f] van die seuns van Rehab′ja:
Jissi′a, die hoof; **22** van die
Jisharieteː[g] Selo′mot;[h] van die
seuns van Selo′mot: Jahat;
**23** en die seuns van Hebron:[i]
Jeri′a,[j] die hoof, Amar′ja, die
tweede, Jaha′siël, die derde, Je-
ka′meam, die vierde. **24** Die
seuns van Us′siël: Miga; van
die seuns van Miga:[k] Samir.
**25** Die broer van Miga was Jis-
si′a; van die seuns van Jissi′a:
Sagari′a.

**26** Die seuns van Mera′ri[l]
was Magli[m] en Musi;[n] die seuns
van Jaäsi′a: Beno. **27** Die
seuns van Mera′ri: Van Jaäsi′a:
Beno en Soham en Sakkur en
Ibri. **28** Van Magli: Elea′sar,
wat geen seuns gehad het nie.[o]
**29** Van Kis: die seuns van Kis
was Jerag′meël. **30** En die
seuns van Musi was Magli[p] en
Eder en Je′rimot.[q]

Dit was die seuns van die Le-
viete volgens hulle vaderhuise.[r]
**31** En hulle het ook die lot ge-
werp[s] net soos hulle broers, die
seuns van Aäron, gedoen het
voor koning Dawid en Sadok
en Ahime′leg en die hoofde van
die vaderhuise van die pries-
ters en van die Leviete. Wat

**HFST. 24**
a 1Kr 6:8
b 2Sa 8:17
c 1Ko 14:33
d Spr 16:33, Spr 18:18, Han 1:26
e Mt 26:3
f 1Kn 4:3, 2Kr 34:13
g 1Kn 2:35
h 2Sa 8:17
i 2Sa 19:11, 1Kn 1:7
j 1Kr 23:24
k Le 10:12, Nu 16:39
l 1Kr 6:3
m Ne 11:10
n Lu 1:5

**Tweede kol.**
a 1Kr 9:25, 2Kr 23:18
b Lu 1:8, Lu 1:23
c 2Kn 11:9, 1Ko 14:40
d Eks 6:18
e 1Kr 23:16, 1Kr 26:24
f 1Kr 23:17
g Nu 3:27
h 1Kr 23:18
i Nu 26:58, 1Kr 15:9
j 1Kr 23:19, 1Kr 26:31
k 1Kr 23:20
l Ge 46:11, Eks 6:19
m 1Kr 6:19
n 1Kr 23:21
o 1Kr 23:22
p 1Kr 6:47
q 1Kr 23:23
r 1Kr 23:11
s Jos 18:10, 1Kr 25:8, Spr 16:33, Han 1:26

vaderhuise[a] betref, was die hoof
net soos sy jonger broer.

25 Verder het Dawid en die
hoofde[b] van die diens-
groepe[c] party van die seuns van
Asaf, Heman[d] en Jedu′tun[e] vir
die diens afgesonder, dié wat
met die harpe,[f] met die snaar-
instrumente[g] en met die simba-
le[h] geprofeteer het. En uit hulle
getal het die beamptes vir hulle
diens gekom. **2** Van die seuns
van Asaf: Sakkur en Josef[i] en
Netan′ja en Asare′la,[j] die seuns
van Asaf onder leiding van
Asaf,[k] die een wat onder leiding
van die koning geprofeteer het.
**3** Van Jedu′tun:[l] die seuns van
Jedu′tun: Gedal′ja[m] en Seri[n] en
Jesa′ja[o] en Si′meï, Hasab′ja en
Mattit′ja,[p] ses, onder leiding
van hulle vader Jedu′tun, wat
met die harp geprofeteer het
om Jehovah te dank en te loof.[q]
**4** Van Heman:[r] die seuns van
Heman: Bukki′a,[s] Mattan′ja,[t]
Us′siël,[u] Se′buel en Je′rimot,
Hanan′ja,[v] Hana′ni, Elia′ta,[w]
Giddal′ti[x] en Romam′ti-E′ser,[y]
Josbeka′sa,[z] Mallo′ti,[a] Hotir,[b]
Maha′siot. **5** Hulle almal was
seuns van Heman, ’n siener[c]
van die koning in die dinge van
die ware God om sy horing te
verhef; daarom het die ware
God aan Heman veertien seuns
en drie dogters gegee.[d] **6** Hul-
le almal was onder leiding van
hulle vader by die sang in die
huis van Jehovah, met simba-
le,[e] snaarinstrumente[f] en har-
pe[g] vir die diens van die huis
van die ware God.

Onder leiding van die koning
was Asaf en Jedu′tun en He-
man.[h]

**7** En hulle getal saam met
hulle broers wat geoefen was in
sang tot Jehovah,[i] almal mees-
ters,[j] was tweehonderd-agt-en-
tagtig. **8** Toe het hulle die lot
gewerp[a] oor die dinge waarvoor
gesorg moes word, die kleine
net soos die grote,[b] die meester[c]
saam met die leerling.

**9** En die lot het uitgekom:
die eerste het aan Asaf be-
hoort vir Josef,[d] vir Gedal′ja[e]
die tweede (hy en sy broers en
sy seuns was twaalf); **10** die
derde vir Sakkur,[f] sy seuns en
sy broers, twaalf; **11** die vier-
de vir Jisri,[g] sy seuns en sy
broers, twaalf; **12** die vyfde
vir Netan′ja,[h] sy seuns en sy
broers, twaalf; **13** die sesde
vir Bukki′a, sy seuns en sy
broers, twaalf; **14** die sewen-
de vir Jesare′la,[i] sy seuns en
sy broers, twaalf; **15** die agt-
ste vir Jesa′ja, sy seuns en sy
broers, twaalf; **16** die negen-
de vir Mattan′ja, sy seuns en
sy broers, twaalf; **17** die tien-
de vir Si′meï, sy seuns en sy
broers, twaalf; **18** die elfde vir
Asa′reël,[j] sy seuns en sy broers,
twaalf; **19** die twaalfde vir
Hasab′ja, sy seuns en sy broers,
twaalf; **20** vir die dertiende,
Su′bael,[k] sy seuns en sy broers,
twaalf; **21** vir die veertiende,
Mattit′ja, sy seuns en sy broers,
twaalf; **22** vir die vyftiende,
vir Je′remot, sy seuns en sy
broers, twaalf; **23** vir die ses-
tiende, vir Hanan′ja, sy seuns
en sy broers, twaalf; **24** vir
die sewentiende, vir Josbeka′sa,
sy seuns en sy broers, twaalf;
**25** vir die agtiende, vir Hana′-
ni, sy seuns en sy broers,
twaalf; **26** vir die negentien-
de, vir Mallo′ti, sy seuns en sy
broers, twaalf; **27** vir die
twintigste, vir Elia′ta, sy seuns
en sy broers, twaalf; **28** vir
die een-en-twintigste, vir Hotir,
sy seuns en sy broers, twaalf;
**29** vir die twee-en-twintigste,
vir Giddal′ti, sy seuns en sy
broers, twaalf; **30** vir die drie-
en-twintigste, vir Maha′siot,[l] sy

**HFST. 24**
a 1Kr 26:13

**HFST. 25**
b 1Kr 24:5
c 1Kr 27:3
d 1Kr 16:41, 2Kr 5:12
e 2Kr 35:15
f 1Kn 10:12, Ps 81:2
g 1Sa 10:5, 1Kr 15:16
h 2Kr 29:25, Ps 150:5
i 1Kr 25:9
j 1Kr 25:14
k Ne 12:46
l 1Kr 16:42
m 1Kr 25:9
n 1Kr 25:11
o 1Kr 25:15
p 1Kr 15:18
q Ps 92:1, Jer 33:11, Ef 5:19
r 1Kr 15:19
s 1Kr 25:13
t 1Kr 25:16
u 1Kr 24:24
v 1Kr 25:23
w 1Kr 25:27
x 1Kr 25:29
y 1Kr 25:31
z 1Kr 25:24
a 1Kr 25:26
b 1Kr 25:28
c 1Sa 9:9
d Ps 127:3, Jes 8:18
e 1Kr 13:8
f 1Kr 15:16
g 1Kr 16:5
h 1Kr 25:1
i Ps 150:1
j 1Kr 15:22

**Tweede kol.**
a Spr 16:33, Spr 18:18, Han 1:26
b 1Kr 24:31
c 1Kr 15:22
d 1Kr 25:2
e 1Kr 25:3
f 1Kr 25:2
g 1Kr 25:3
h 1Kr 25:2
i 1Kr 25:2
j 1Kr 25:4
k 1Kr 25:4
l 1Kr 25:4

seuns en sy broers, twaalf;
**31** vir die vier-en-twintigste,
vir Romam′ti-E′ser,[a] sy seuns
en sy broers, twaalf.

**26** Vir die afdelings van
poortwagters:[b] Van die
Koragiete:[c] Meselem′ja,[d] die
seun van Kore′, van die
seuns van Asaf. **2** En Mese-
lem′ja het seuns gehad: Saga-
ri′a, die eersgeborene, Jedi′ael,
die tweede, Sebad′ja, die derde,
Jat′niël, die vierde, **3** Elam,
die vyfde, Jo′hanan, die ses-
de, Eljeho′-Enai, die sewende.
**4** En Obed-Edom[e] het seuns ge-
had: Sema′ja, die eersgebore-
ne, Jo′sabad, die tweede, Joag,
die derde, en Sagar, die vierde,
en Neta′nel, die vyfde, **5** Am-
mi′ël, die sesde, Is′saskar, die
sewende, Peül′letai, die agtste;
want God het hom geseën.[f]

**6** En vir sy seun Sema′ja is
seuns gebore wat heersers oor
die huis van hulle vader was,
want hulle was bekwame, sterk
manne. **7** Die seuns van Se-
ma′ja: Otni en Re′fael en Obed,
El′sabad, wie se broers bekwa-
me manne was, Eli′hu en Se-
mag′ja. **8** Hulle almal was van
die seuns van Obed-Edom, hulle
en hulle seuns en hulle broers,
bekwame manne met krag vir
die diens, twee-en-sestig wat
aan Obed-Edom behoort het.
**9** En Meselem′ja[g] het seuns en
broers gehad, bekwame manne,
agtien. **10** En Hosa van die
seuns van Mera′ri het seuns ge-
had. Simri was die hoof, want
hy was wel nie die eersgebore-
ne[h] nie, maar sy vader het hom
as hoof aangestel;[i] **11** Hilki′a,
die tweede, Tebal′ja, die derde,
Sagari′a, die vierde. Die seuns
en broers van Hosa was alte-
saam dertien.

**12** Van hierdie afdelings van
die poortwagters het die hoof-
manne pligte gehad net soos
hulle broers,[a] om in die huis
van Jehovah te dien. **13** En
hulle het die lot gewerp[b] vir
klein sowel as groot volgens
hulle vaderhuise,[c] vir die ver-
skillende poorte. **14** Toe het
die lot vir die ooste op Selem′-
ja[d] geval. Vir sy seun Sagari′a,[e]
’n oordeelkundige raadgewer,[f]
het hulle die lot gewerp, en sy
lot het uitgekom vir die noor-
de.[g] **15** Obed-Edom het syne
vir die suide gehad, en sy seuns[h]
het die voorraadkamers gehad.[i]
**16** Suppim en Hosa[j] het hulle
s’n vir die weste gehad naby
die poort Salle′get by die groot-
pad wat oploop, waggroep[k] naas
waggroep;[l] **17** aan die ooste-
kant was daar ses Leviete; aan
die noordekant vir ’n dag, vier;
aan die suidekant vir ’n dag,[m]
vier; en vir die voorraadka-
mers,[n] twee-twee; **18** vir die
suilegang in die weste, vier by
die grootpad,[o] twee by die suile-
gang. **19** Dit was die afdelings
van die poortwagters van die
seuns van die Koragiete[p] en van
die seuns van Mera′ri.[q]

**20** Wat die Leviete betref,
Ahi′a was oor die skatte[r] van
die huis van die ware God en
oor die skatte van die gehei-
ligde dinge.[s] **21** Die seuns van
Ladan,[t] die seuns van die Gerso-
niet wat aan Ladan behoort
het; die hoofde van die vader-
huise wat aan die Gersoniet
Ladan behoort het: Jehiëli.[u]
**22** Die seuns van Jehiëli, Se-
tam en sy broer Joël,[v] was oor
die skatte[w] van die huis van
Jehovah. **23** Vir die Amramie-
te, vir die Jishariete, vir die
Hebroniete, vir die Ussiëliete,[x]
**24** was Se′buel,[y] die seun van
Gersom, die seun van Moses, ’n
leier oor die voorrade. **25** Wat
sy broers betref, van Eliëser[z]
was daar sy seun Rehab′ja,[a] en

HFST. 25
a 1Kr 25:4

HFST. 26
b 1Kr 9:22; 2Kr 23:19
c Nu 26:11; Ps 44:Ops; Ps 49:Ops
d 1Kr 26:14
e 1Kr 16:38
f De 28:11; Ps 127:3
g 1Kr 26:14
h De 21:17
i 1Kr 5:1

Tweede kol.
a 1Kr 25:8
b Spr 16:33; Spr 18:18; Han 1:26
c 1Kr 23:11
d 1Kr 26:1
e 1Kr 26:2
f 1Kr 27:32; Spr 12:8; 1Ti 3:13
g 1Kr 9:24
h 1Kr 26:4
i 2Kr 25:24
j 1Kr 26:10
k 1Kr 23:32
l Ne 12:24
m 2Kr 8:14
n 1Kr 26:15
o 1Kr 26:16
p Nu 26:11; Ps 44:Ops; Ps 49:Ops
q 1Kr 23:6
r 1Kn 14:26; 1Kr 9:26
s 1Kn 7:51; 1Kr 18:11
t 1Kr 23:7
u 1Kr 29:8
v 1Kr 23:8
w 1Kn 15:18
x Nu 3:27
y 1Kr 24:20
z Eks 18:4
a 1Kr 23:17

sy seun Jesa′ja, en sy seun Jo-
ram, en sy seun Sigri, en sy seun
Selo′mot. **26** Hierdie Selo′mot
en sy broers was oor al die skat-
te van die geheiligde dinge,[a]
wat koning Dawid[b] en die hoof-
de van die vaderhuise[c] en die
hoofde oor duisend en oor hon-
derd en die leërhoofde gehei-
lig het. **27** Van die oorloë[d] en
van die buit[e] het hulle dinge ge-
heilig om die huis van Jehovah
te onderhou. **28** En ook alles
wat die siener[f] Samuel en Saul,
die seun van Kis, en Abner,[g] die
seun van Ner, en Joab,[h] die seun
van Seru′ja,[i] geheilig het. Alles
wat geheilig is, was onder toesig
van Se′lomit en sy broers.

**29** Van die Jisharriete[j] was
Kenan′ja en sy seuns vir die
aangeleenthede buite,[k] as be-
amptes en as regters[l] oor Israel.

**30** Van die Hebroniete[m] was
Hasab′ja en sy broers, bekwame
manne,[n] duisend-sewehonderd,
oor die administrasie van Israel
in die Jordaanstreek na die wes-
te toe, vir al die werk van Jeho-
vah en vir die koning se diens.
**31** Van die Hebroniete was Je-
ri′a[o] die hoof van die Hebronie-
te volgens die geslagte daarvan,
volgens voorvaders. In die veer-
tigste[p] jaar van Dawid se ko-
ningskap is hulle uitgesoek, en
daar is dapper, sterk manne on-
der hulle gevind in Jaser[q] in
Gi′lead.[r] **32** En sy broers, be-
kwame manne,[s] was tweedui-
send-sewehonderd, hoofde van
die vaderhuise.[t] Toe het koning
Dawid hulle oor die Rubenie-
te en die Gadiete en die halwe
stam van die Manassiete[u] aan-
gestel, vir elke saak van die
ware God en dié[v] van die ko-
ning.

**27** Wat die seuns van Israel
volgens hulle getal be-
tref, die hoofde van die vader-
huise[w] en die hoofde[x] oor dui-
send en oor honderd[a] en hulle
beamptes wat die koning ge-
dien het[b] in elke saak van die
afdelings van dié wat maand na
maand gedurende al die maan-
de van die jaar ingekom en uit-
gegaan het, elke afdeling was
vier-en-twintigduisend.

**2** Oor die eerste afdeling van
die eerste maand was Jaso′be-
am,[c] die seun van Sab′diël, en
in sy afdeling was daar vier-
en-twintigduisend. **3** Party
van die seuns van Peres,[d] die
hoof van al die hoofde van die
diensgroepe, was vir die eer-
ste maand. **4** En oor die afde-
ling van die tweede maand was
Dodai,[e] die Ahohiet,[f] met sy af-
deling, en Miklot was die leier,
en in sy afdeling was daar vier-
en-twintigduisend. **5** Die hoof
van die derde diensgroep vir
die derde maand was Bena′ja,[g]
die seun van Jo′jada,[h] die hoof-
priester, en in sy afdeling was
daar vier-en-twintigduisend.
**6** Hierdie Bena′ja[i] was ’n sterk
man van die dertig[j] en oor die
dertig; en oor sy afdeling was sy
seun Ammi′sabad. **7** Die vier-
de vir die vierde maand was
A′sahel,[k] Joab se broer,[l] en ná
hom sy seun Sebad′ja, en in sy
afdeling was daar vier-en-twin-
tigduisend. **8** Die vyfde hoof
vir die vyfde maand was Sam-
hut,[m] die Jisragiet, en in sy af-
deling was daar vier-en-twintig-
duisend. **9** Die sesde vir die
sesde maand was Ira,[n] die seun
van Ikkes,[o] die Tekoïet,[p] en in
sy afdeling was daar vier-en-
twintigduisend. **10** Die sewen-
de vir die sewende maand was
Heles,[q] die Peloniet,[r] van die
seuns van E′fraim, en in sy af-
deling was daar vier-en-twintig-
duisend. **11** Die agtste vir die
agtste maand was Sib′begai,[s] die
Husatiet, van die Seragiete,[t] en
in sy afdeling was daar vier-en-

**HFST. 26**
a Nu 31:50; 1Kr 18:11
b 1Kr 29:3
c 1Kr 29:7
d Jos 6:19
e Nu 31:28
f 1Sa 9:9
g 1Sa 14:50
h 2Sa 20:23
i 2Sa 2:18
j 1Kr 23:12
k Ne 11:16
l De 17:9; 2Kr 19:8
m 1Kr 23:12; 1Kr 23:19
n 1Kr 26:6
o 1Kr 23:19
p 2Sa 5:4; 1Kr 29:27
q Jos 13:25; Jos 21:39
r Ge 31:21; 1Sa 13:7
s 1Kr 26:9
t 1Kr 24:31
u 1Kr 12:37
v 2Kr 19:11

**HFST. 27**
w 1Kr 5:24
x Eks 18:25; 1Sa 8:12; 1Kr 13:1; 2Kr 1:2

**Tweede kol.**
a De 1:15
b 1Kr 28:1
c 2Sa 23:8; 1Kr 11:11
d Nu 26:21
e 2Sa 23:9; 1Kr 11:12
f 1Kr 8:4
g 2Sa 23:20
h 1Kn 4:4; 1Kr 12:27
i 2Sa 23:20
j 2Sa 23:23
k 2Sa 2:18; 2Sa 23:24
l 1Kr 2:16
m 2Sa 23:25; 1Kr 11:27
n 2Sa 23:26
o 1Kr 11:28
p 2Kr 11:6; 2Kr 20:20; Am 1:1
q 1Kr 11:27
r 2Sa 23:26
s 2Sa 21:18
t Nu 26:20

twintigduisend. **12** Die negen-
de vir die negende maand was
Abiëser,[a] die Anatotiet,[b] van
die Benjaminiete, en in sy af-
deling was daar vier-en-twintig-
duisend. **13** Die tiende vir die
tiende maand was Ma′harai,[c] die
Netofatiet, van die Seragiete,[d]
en in sy afdeling was daar vier-
en-twintigduisend. **14** Die elf-
de vir die elfde maand was Be-
na′ja,[e] die Piratoniet, van die
seuns van E′fraim,[f] en in sy af-
deling was daar vier-en-twintig-
duisend. **15** Die twaalfde vir
die twaalfde maand was Heldai,[g]
die Netofatiet, van Ot′niël, en
in sy afdeling was daar vier-en-
twintigduisend.

**16** En oor die stamme van Is-
rael[h] was die leier van die Rube-
niete: Eliëser, die seun van Sigri;
van die Simeoniete: Sefat′ja, die
seun van Ma′äga; **17** van Levi:
Hasab′ja, die seun van Ke′mu-
el; van Aäron: Sadok;[i] **18** van
Juda: Eli′hu,[j] een van Dawid se
broers;[k] van Is′saskar: Omri, die
seun van Mi′gael; **19** van Se′-
bulon: Jisma′ja, die seun van
Obad′ja; van Naf′tali: Je′rimot,
die seun van As′riël; **20** van
die seuns van E′fraim: Hose′a,
die seun van Asas′ja; van die hal-
we stam van Manas′se: Joël, die
seun van Peda′ja; **21** van die
halwe stam van Manas′se in Gi′-
lead: Iddo, die seun van Sagari′a;
van Benjamin: Jaäsiël, die seun
van Abner;[l] **22** van Dan: Asa′-
reël, die seun van Jero′ham. Dit
was die vorste[m] van die stamme
van Israel.

**23** En Dawid het nie die ge-
tal van dié van twintig jaar en
jonger opgeneem nie, want Je-
hovah het beloof om Israel so-
veel soos die sterre aan die he-
mel te maak.[n] **24** Joab,[o] die
seun van Seru′ja, het begin tel,
maar hy het nie klaargemaak
nie;[p] en hieroor het daar ver-
ontwaardiging[a] teen Israel ont-
staan, en die getal is nie in die
kroniek van koning Dawid op-
geneem nie.

**25** En oor die skatte van die
koning[b] was Asma′wet, die seun
van A′diël. En oor die skatte op
die land,[c] in die stede[d] en in die
dorpies en in die torings was Jo′-
natan, die seun van Ussi′a.
**26** En oor dié wat die werk op
die land[e] gedoen het, om die
grond te bewerk, was Esri, die
seun van Kelub. **27** En oor die
wingerde[f] was Si′meï, die Rama-
tiet; en oor wat vir die wynvoor-
rade in die wingerde was, was
Sabdi, die Sifmiet. **28** En oor
die olyfboorde en die wildevye-
bome[g] wat in die Sjefe′la[h] was,
was Baäl-Hanan, die Gederiet;
en oor die olievoorrade[i] was
Joas. **29** En oor die beeste wat
in Saron[j] gewei het, was Sitrai,
die Saroniet; en oor die beeste
in die laagvlaktes was Safat, die
seun van Adlai. **30** En oor die
kamele[k] was Obil, die Ismaeliet;[l]
en oor die eselinne was Jeg′de-
ja, die Meronotiet. **31** En oor
die kleinvee was Jasis, die Hag-
riet. Hulle almal was die hoof-
de oor die besittings van koning
Dawid.

**32** En Jo′natan,[m] Dawid se
neef, was ’n raadgewer, ’n ver-
standige man,[n] ook ’n sekreta-
ris; en Jehi′ël, die seun van Hag-
mo′ni,[o] was by die koning se
seuns.[p] **33** En Agito′fel[q] was
’n raadgewer[r] van die koning;
en Husai,[s] die Arkiet,[t] was die
koning se metgesel.[u] **34** En ná
Agito′fel was Jo′jada, die seun
van Bena′ja,[v] en Abja′tar;[w] en
Joab[x] was leërhoof van die ko-
ning.

**28** En Dawid het al die vors-
te[y] van Israel, die vors-
te[z] van die stamme en die vors-
te[a] van die afdelings van dié wat
die koning dien, en die hoofde

**HFST. 27**
a 2Sa 23:27
b 1Kr 6:60
c 2Sa 23:28
d Nu 26:20
e 2Sa 23:30
f Rig 12:15
g 2Sa 23:29
h Han 26:7
i 1Kr 24:31
j 1Sa 17:28
k 1Sa 16:6
l 1Sa 14:50 2Sa 3:27
m 1Kr 22:17 1Kr 28:1
n Ge 15:5 Heb 11:12
o 2Sa 24:2
p 1Kr 21:6

**Tweede kol.**
a 2Sa 24:15 1Kr 21:7
b 2Kn 18:15
c 1Sa 8:14 2Kr 26:10
d 1Kn 9:19
e Pr 5:9
f 1Sa 8:14 1Sa 22:7
g 2Kr 9:27
h 2Kr 26:10
i 1Kn 5:11 2Kr 32:28
j Jes 35:2
k 1Sa 27:9
l Ge 37:25
m 2Sa 13:3 2Sa 21:21
n Spr 1:5 Spr 10:13 Spr 16:21
o 1Kr 11:11
p 2Sa 3:2 1Kr 3:5
q 2Sa 15:12 2Sa 16:23 2Sa 17:23
r Ps 119:24
s 2Sa 15:37
t 2Sa 16:16
u 2Sa 16:17
v 2Sa 23:20 1Kn 2:35
w 1Kn 1:7
x 1Kr 11:6

**HFST. 28**
y De 31:28 Jos 23:2
z 1Kr 27:16
a 1Kr 27:1

oor duisend[a] en die hoofde oor
honderd[b] en die hoofde oor al
die besittings[c] en vee[d] van die
koning en van sy seuns,[e] saam
met die hofbeamptes[f] en die
sterk manne,[g] ja, elke dapper,
sterk man, in Jerusalem byme-
kaar laat kom. **2** Toe het ko-
ning Dawid opgestaan en gesê:

“Luister na my, my broers en
my volk. Wat my betref, dit het
my na aan die hart gelê[h] om ’n
huis van rus te bou vir die ark
van die verbond van Jehovah en
as die voetbank[i] van ons God,
en ek het voorbereidings getref
om te bou.[j] **3** En die ware God
het vir my gesê: ‘Jy sal nie ’n
huis vir my naam bou nie;[k] want
jy is ’n man van oorloë, en jy het
bloed vergiet.’[l] **4** En Jehovah,
die God van Israel, het my uit
die hele huis van my vader[m] ge-
kies om tot onbepaalde tyd ko-
ning oor Israel te word;[n] want
hy het Juda as leier gekies,[o] en
in die huis van Juda my vader
se huis,[p] en onder my vader se
seuns[q] het hy my goedgekeur,[r]
om my koning oor die hele Is-
rael te maak; **5** en uit al my
seuns (want Jehovah het my
baie seuns gegee)[s] het hy toe
my seun Salomo[t] gekies om op
die troon[u] van die koningskap
van Jehovah oor Israel te sit.

**6** “Verder het hy vir my ge-
sê: ‘Jou seun Salomo sal my huis
en my voorhowe bou;[v] want ek
het hom as my seun gekies,[w] en
ek sal sy vader word.[x] **7** En ek
sal beslis sy koningskap[y] tot on-
bepaalde tyd stewig vestig as hy
vasbeslote is om my gebooie[z] en
my regterlike beslissings[a] na te
kom, soos vandag.’ **8** Nou dan,
voor die oë van die hele Israel,
Jehovah se gemeente,[b] en voor
die ore van ons God:[c] Onderhou
en soek al die gebooie van Je-
hovah julle God, sodat julle die
goeie land kan besit[d] en dit be-
slis tot onbepaalde tyd as ’n er-
fenis aan julle kinders ná julle
kan oordra.

**9** “En jy, my seun Salomo,
ken[a] die God van jou vader en
dien[b] hom met ’n volkome hart[c]
en met ’n gewillige siel;[d] want
Jehovah deursoek alle harte,[e]
en hy onderskei elke neiging
van die gedagtes.[f] As jy hom
soek, sal hy hom deur jou laat
vind;[g] maar as jy hom verlaat,[h]
sal hy jou vir ewig verstoot.[i]
**10** Kyk nou, want Jehovah het
jou gekies om ’n huis as ’n hei-
ligdom te bou. Wees moedig en
tree op.”[j]

**11** En Dawid het aan sy seun
Salomo die bouplan[k] gegee van
die portaal[l] en van die hui-
se en voorraadkamers[m] en dak-
vertrekke[n] en donker binne-
kamers daarvan en die huis van
die versoendeksel;[o] **12** ja, die
bouplan van alles wat deur in-
spirasie[p] tot hom gekom het
vir die voorhowe[q] van Jeho-
vah se huis en vir al die eet-
kamers[r] rondom, vir die skatte
van die huis van die ware God
en vir die skatte van die gehei-
ligde dinge;[s] **13** en vir die af-
delings[t] van die priesters en
van die Leviete en vir al die
dienswerk van Jehovah se huis
en vir al die voorwerpe van
die diens van Jehovah se huis;
**14** vir die goud volgens gewig,
die goud vir al die voorwerpe
vir die verskillende dienste, vir
al die silwervoorwerpe volgens
gewig, vir al die voorwerpe[u]
vir die verskillende dienste;
**15** en die gewig vir die goue
lampstaanders[v] en hulle goue
lampe, volgens die gewig van
die verskillende lampstaanders
en hulle lampe, en vir die silwer-
lampstaanders volgens die ge-

**HFST. 28**

a Eks 18:25; 1Sa 8:12
b De 1:15
c 1Kr 27:25
d 1Kr 27:29
e 2Sa 3:2; 1Kr 3:5
f 1Sa 8:15
g 1Kr 11:10
h 1Kn 8:17; Ps 132:5
i Ps 132:7
j 1Kr 22:3
k 2Sa 7:13; 1Kn 5:3; 1Kr 17:4
l 1Kr 22:8
m 1Sa 16:1
n 1Sa 16:13; 2Sa 7:8; Ps 89:20
o Ge 49:10; 1Kr 5:2; Ps 60:7
p Rut 4:22
q 1Sa 16:11
r 1Sa 13:14; 1Sa 16:12
s 2Sa 3:2; 1Kr 3:5
t 1Kr 22:9
u 1Kr 17:14; 2Kr 1:8
v 2Sa 7:13
w 1Kr 17:13
x 2Sa 7:14
y 1Kr 17:14; Ps 72:8
z 1Kn 6:12
a De 12:1
b 1Ti 3:15
c 1Ti 5:21
d De 6:3

**Tweede kol.**

a Ps 9:10; Jer 9:24; Heb 8:11
b De 10:12
c 1Kn 8:61; 2Kn 20:3; Ps 101:2
d Ps 37:4; Ps 73:25
e 1Sa 16:7; 1Kr 29:17; Spr 17:3; Op 2:23
f Ge 6:5; De 31:21; Ps 139:2
g 2Kr 15:2; Mt 7:7; Heb 11:6; Jak 4:8
h 2Kr 15:2; Esr 8:22
i De 31:17; Ps 73:27; Jes 1:28; Heb 10:38
j 1Kr 22:16
k Heb 8:5
l 2Kr 3:4
m 1Kr 26:24
n 1Kn 6:5
o Le 16:2; 1Kn 6:19
p 2Sa 23:2; Heb 8:5

q 1Kn 6:36; 1Kn 7:12; r 1Kr 9:26; s 1Kr 26:20; t 1Kr 24:1; u 1Kr 9:29; v 2Kr 4:7.

wig vir die lampstaander en sy lampe ooreenkomstig die bediening van die verskillende lampstaanders; **16** en die goud volgens gewig vir die tafels van die stapelbrood,[a] vir die verskillende tafels, en silwer vir die silwertafels; **17** en die vurke en die bakke[b] en die kanne van suiwer goud, en vir die goue bakkies[c] volgens die gewig vir die verskillende bakkies, en vir die silwerbakkies volgens die gewig vir die verskillende bakkies; **18** en vir die reukaltaar[d] gelouterde goud volgens gewig en vir die afbeelding van die strydwa,[e] naamlik die goue gerubs[f] wat hulle vlerke moes uitsprei en die ark van die verbond van Jehovah moes beskut. **19** "Hy het insig vir die hele saak op skrif gegee[g] uit die hand van Jehovah wat op my was, ja, vir al die werke van die bouplan."[h]

**20** En Dawid het vir sy seun Salomo gesê: "Wees moedig[i] en sterk en tree op. Moenie bang[j] of verskrik[k] wees nie, want Jehovah God, my God, is met jou.[l] Hy sal jou nie in die steek laat[m] of jou verlaat totdat al die dienswerk van Jehovah se huis klaar is nie. **21** En hier is die afdelings van die priesters[n] en van die Leviete[o] vir al die dienswerk van die huis van die ware God; en by jou in al die werk is elke gewillige[p] persoon met vaardigheid vir al die dienswerk,[q] en ook die vorste[r] en die hele volk, vir al jou woorde."

**29** Koning Dawid het toe vir die hele gemeente gesê:[s] "My seun Salomo, die een wat God gekies het,[t] is jonk[u] en teer, maar die werk is groot; want die kasteel is nie vir 'n mens nie,[v] maar vir Jehovah God. **2** En ooreenkomstig al my krag[w] het ek vir die huis van my God gereedgemaak:[a] die goud[b] vir die goudwerk en die silwer vir die silwerwerk en die koper vir die koperwerk, die yster[c] vir die ysterwerk en die hout[d] vir die houtwerk; oniksstene[e] en stene wat met harde messelklei geset moet word en mosaïeksteentjies en allerhande kosbare stene en baie albasstene. **3** En aangesien ek in die huis van my God behae skep,[f] is daar nog my spesiale besitting,[g] goud en silwer; ek gee dit aan die huis van my God benewens alles wat ek vir die heilige huis gereedgemaak het:[h] **4** drieduisend talente goud, van die goud van Ofir,[i] en seweduisend talente gelouterde silwer, om die mure van die huise oor te trek; **5** van die goud vir die goudwerk, en van die silwer vir die silwerwerk en vir al die werk deur die hand van die vakmanne. En wie bied hom vrywillig aan om vandag sy hand met 'n geskenk vir Jehovah te vul?"[j]

**6** En die vorste[k] van die vaderhuise[l] en die vorste[m] van die stamme van Israel en die hoofde oor duisend[n] en oor honderd[o] en die hoofde oor die sake[p] van die koning het hulle vrywillig aangebied. **7** En hulle het vir die diens van die huis van die ware God goud ter waarde van vyfduisend talente en tienduisend darieke en silwer ter waarde van tienduisend talente en koper ter waarde van agtienduisend talente en yster ter waarde van honderdduisend talente gegee.[q] **8** En die stene wat by mense gevind is, het hulle gegee vir die skat van die huis van Jehovah onder toesig van Jehi'ël,[r] die Gersoniet.[s] **9** En die volk was bly omdat hulle vrywillige gawes gegee het, want hulle

**HFST. 28**
a 2Kr 4:8; 2Kr 4:19
b 2Kn 25:15
c 1Kn 7:50
d 1Kn 7:48
e Ps 18:10
f Eks 25:20; 1Sa 4:4; 1Kn 6:23; Ps 80:1
g Eks 25:40
h 1Kr 28:11
i Jos 1:6; 2Ko 5:6
j De 31:6; 1Kr 22:13
k Jos 1:9
l De 31:8; Ro 8:31
m Jos 1:5
n 1Kr 24:1
o 1Kr 24:20; 1Kr 25:1
p Eks 35:26; Eks 36:2; Ps 110:3
q Eks 36:1
r 1Kr 22:17; 1Kr 28:1

**HFST. 29**
s 1Kr 28:8
t 1Kn 8:19; 1Kr 28:5
u 1Kn 3:7; Spr 4:3
v 2Kr 2:4
w Pr 9:10

**Tweede kol.**
a 1Kr 22:3
b 1Kr 22:16
c 1Kr 22:14
d 1Kr 22:4
e Eks 28:9
f Ps 26:8; Ps 27:4; Ps 122:1
g 1Kr 21:24; Spr 3:9
h 1Kr 22:5; 1Kr 22:16
i Job 28:16
j Eks 35:5
k 1Kr 27:1
l 1Kr 23:11
m 1Kr 28:1
n Eks 18:25; 1Kr 13:1
o De 1:15; 1Kr 27:1
p 1Kr 27:25; 1Kr 27:29; 1Kr 27:31
q 2Ko 9:11
r 1Kr 26:22
s 1Kr 6:1

het met ’n volkome hart vrywillige gawes aan Jehovah gegee;[a] en selfs koning Dawid het hom met groot vreugde verbly.[b]

**10** Gevolglik het Dawid Jehovah voor die oë van die hele gemeente[c] geloof,[d] en Dawid het gesê: “Mag u geloof word,[e] o Jehovah, die God van ons vader Israel,[f] van onbepaalde tyd, ja, tot onbepaalde tyd. **11** Aan u, o Jehovah, behoort die grootheid[g] en die mag[h] en die luisterrykheid[i] en die voortreflikheid[j] en die waardigheid;[k] want alles in die hemel en op die aarde behoort aan u.[l] Aan u behoort die koninkryk,[m] o Jehovah, u wat u ook as hoof oor alles verhef.[n] **12** Die rykdom[o] en die heerlikheid[p] is aan u te danke, en u heers[q] oor alles; en in u hand is krag[r] en mag,[s] en in u hand is die vermoë om groot te maak[t] en om aan almal sterkte te gee.[u] **13** En nou, o ons God, dank ons u[v] en loof[w] ons u luisterryke[x] naam.

**14** “En wie is ek[y] tog en wie is my volk, dat ons krag sou behou om sulke vrywillige gawes te gee?[z] Want alles kom van u,[a] en uit u hand het ons aan u gegee. **15** Want ons is inwonende vreemdelinge voor u, en bywoners,[b] soos al ons voorvaders. Soos ’n skaduwee is ons dae op die aarde[c] en daar is geen hoop nie. **16** O Jehovah ons God, al hierdie oorvloed wat ons gereedgemaak het om vir u ’n huis vir u heilige naam te bou, dit kom uit u hand en dit behoort alles aan u.[d] **17** En ek weet goed, o my God, dat u ’n ondersoeker van die hart is[e] en dat u in opregtheid behae skep.[f] Wat my betref, ek het in die opregtheid van my hart al hierdie dinge vrywillig gegee, en nou het ek dit geniet om te sien hoe u volk, wat hier aanwesig is, vrywillige gawes aan u gee. **18** O Jehovah, die God van ons voorvaders Abraham, Isak en Israel,[a] laat dit tog tot onbepaalde tyd die neiging van die gedagtes van die hart van u volk bly,[b] en rig hulle hart op u.[c] **19** En gee aan my seun Salomo ’n volkome hart[d] om u gebooie,[e] u getuienisse[f] en u voorskrifte[g] te onderhou en om alles te doen en om die kasteel[h] te bou waarvoor ek voorbereidings getref het.”[i]

**20** En Dawid het vir die hele gemeente gesê:[j] “Loof[k] nou Jehovah julle God.” En die hele gemeente het Jehovah, die God van hulle voorvaders, geloof en laag gebuig[l] en hulle voor Jehovah en voor die koning neergewerp.[m] **21** En daardie volgende dag het hulle voortgegaan om offerandes aan Jehovah te offer[n] en brandoffers[o] aan Jehovah te bring: duisend jong bulle, duisend ramme, duisend rammelammers en die drankoffers wat daarby behoort,[p] ja, offerandes in groot getalle vir die hele Israel.[q] **22** En hulle het dié dag met groot blydskap[r] voor Jehovah bly eet en drink; en hulle het Salomo, die seun van Dawid, vir die tweede keer koning gemaak[s] en hom vir Jehovah as leier[t] gesalf, en ook Sadok[u] as priester. **23** En Salomo het as koning in die plek van sy vader Dawid op Jehovah se troon[v] gaan sit en was suksesvol,[w] en al die Israeliete was gehoorsaam aan hom. **24** Wat al die vorste[x] en die sterk manne[y] en ook al die seuns van ko-

**HFST. 29**
a 2Ko 9:7
b Han 20:35
c 1Kn 8:14; 2Kr 6:3
d 2Kr 31:8
e 1Kn 8:15
f Ge 32:28; Ps 68:35
g Ps 145:3; 1Ti 1:17
h Ge 17:1; Op 5:13
i 1Kr 29:13; Ps 71:8
j 1Sa 15:29
k 1Kr 16:27; Ps 8:1
l Ps 24:1; Ps 115:15; Jes 42:5; Jer 10:12
m Ps 103:19; Mt 6:10
n Ne 9:5; Ps 97:9
o De 8:18; Spr 10:22; Flp 4:19
p 1Kn 3:13; Joh 17:5
q 2Kr 20:6
r Spr 18:10; Jes 40:26
s De 3:24; Ef 1:19; Op 15:3
t 2Kr 1:12; Ps 75:7
u 2Kr 16:9; Ps 18:32; Ps 28:8; Jes 40:29; 1Pe 4:11
v Ps 105:1
w Ps 106:1
x Jes 63:14
y 2Sa 7:18
z Ps 115:1; Flp 2:13
a Ps 50:12
b Le 25:23; Heb 11:13
c Job 14:2; Jak 4:14
d Ps 24:1
e 1Kr 28:9
f Spr 11:20; Spr 15:8; Han 24:16; Heb 1:9

**Tweede kol.**
a Eks 3:6
b 1Kr 28:9
c Ps 10:17; Ps 86:11; 2Te 2:17
d 1Kn 8:61; 2Kn 20:3; Mr 12:30
e 1Kn 6:12; 1Kr 28:7
f De 4:45; De 6:17; 1Kn 2:3
g De 7:11; De 12:1
h 1Kr 29:1
i 1Kr 22:14
j 1Kr 28:8

**k** 1Kr 16:36; Ps 134:2; Ps 145:1; Ef 1:3; **l** Ge 24:26; Eks 4:31; **m** 2Kr 7:3; Op 7:11; **n** 2Kr 7:4; Esr 6:17; **o** Le 1:3; 1Kn 8:64; **p** Le 23:13; Nu 15:5; **q** 1Kn 8:63; **r** De 12:7; 2Kr 7:10; Ne 8:12; **s** 1Kr 23:1; **t** 1Kn 1:35; **u** 1Kn 2:35; **v** 1Kr 28:5; **w** 1Kr 22:11; **x** 1Kr 22:17; 1Kr 28:21; **y** 1Kr 28:1.

ning Dawid[a] betref, hulle het hulle aan koning Salomo onderwerp. **25** En Jehovah het aangehou om Salomo uitermate groot te maak[b] voor die oë van die hele Israel en om aan hom ’n koninklike waardigheid te verleen soos geen koning oor Israel voor hom gehad het nie.[c]

**26** Wat Dawid, die seun van Isai, betref, hy het oor die hele Israel regeer;[d] **27** en die dae dat hy oor Israel regeer het, was veertig jaar.[e] In Hebron het hy sewe jaar regeer,[f] en in Jerusalem het hy drie-en-dertig jaar regeer.[g] **28** En uiteindelik het hy in goeie ouderdom gesterf,[a] versadig van dae, rykdom[b] en eer;[c] en sy seun Salomo het in sy plek begin regeer.[d] **29** Wat die aangeleenthede van koning Dawid betref, die eerstes en die laastes, kyk, dit is opgeteken onder die woorde van die siener[e] Samuel en onder die woorde van die profeet Natan[f] en onder die woorde van die siener Gad,[g] **30** saam met sy hele koningskap en sy magtige dade en die tye[h] wat oor hom en oor Israel en oor al die koninkryke van die lande heen gegaan het.[i]

**HFST. 29**
a 2Sa 3:2; 1Kr 3:5
b 1Kn 3:12; 2Kr 1:1
c 2Kr 1:12; Pr 2:9
d 1Kr 18:14; Ps 78:71
e 2Sa 5:4; 1Kn 2:11
f 2Sa 2:11
g 2Sa 5:5

**Tweede kol.**
a 1Kn 1:1; Spr 16:31
b 1Kr 29:12
c Spr 29:23
d 1Kn 2:1; 1Kn 2:10; 1Kn 2:12
e 1Sa 9:9
f 2Sa 7:2; 2Sa 12:1
g 1Kr 21:9

**h** Da 2:21; **i** 1Kn 2:11.

DIE TWEEDE BOEK VAN

# KRONIEKE

**1** En Salomo, die seun van Dawid, is voortdurend in sy koningskap versterk,[a] en Jehovah sy God was met hom[b] en het aangehou om hom uitermate groot te maak.[c]

**2** En Salomo het met die hele Israel gepraat, met die hoofde oor duisend[d] en oor honderd[e] en met die regters[f] en met al die owerstes van die hele Israel,[g] die hoofde van die vaderhuise.[h] **3** Toe het Salomo en die hele gemeente saam met hom na die hoogte gegaan wat in Gi′beon was;[i] want daar was die tent van samekoms[j] van die ware God, wat Moses, die kneg[k] van Jehovah, in die wildernis gemaak het. **4** Dawid het egter die ark[l] van die ware God uit Kir′jat-Jea′rim[m] laat opbring na die plek wat Dawid daarvoor gereedgemaak het,[n] want hy het ’n tent daarvoor opgeslaan in Jerusalem.[o] **5** En die koperaltaar[a] wat Besa′leël,[b] die seun van Uri, die seun van Hur,[c] gemaak het, is voor die tabernakel van Jehovah gesit; en Salomo en die gemeente het hulle soos gewoonlik daarheen gewend. **6** Salomo het toe daar offers voor Jehovah gebring op die koperaltaar wat by die tent van samekoms behoort het, en hy het duisend brandoffers daarop gebring.[d]

**7** Gedurende dié nag het God aan Salomo verskyn en toe vir hom gesê: “Vra! Wat moet ek jou gee?”[e] **8** Daarop het Salomo vir God gesê: “U het teenoor my vader Dawid groot liefderyke goedhartigheid bewys[f] en het my in sy plek koning gemaak.[g] **9** En nou, o Jehovah God, laat u belofte aan my vader Dawid betroubaar wees,[h] want u het my koning

**HFST. 1**
a 1Kn 2:12
b 2Sa 7:12
c 1Kn 3:13; 1Kr 29:25; Pr 2:9; Mt 6:29; Mt 12:42
d Eks 18:25
e De 1:15
f 1Kr 23:4; 1Kr 26:29
g 1Kr 28:1
h 1Kr 24:31; 1Kr 27:1
i 1Kn 3:5; 1Kr 16:39; 1Kr 21:29
j Eks 40:2; Le 1:1
k De 34:5; Heb 3:5
l 2Sa 6:2
m 1Kr 13:5
n 1Kr 15:1
o 1Kr 16:1; Ps 132:5

**Tweede kol.**
a Eks 38:1
b Eks 31:2
c 1Kr 2:20
d 1Kn 3:4
e 1Kn 3:5
f 2Sa 7:8; Ps 89:28
g 1Kr 28:5

**h** 2Sa 7:12; 1Kr 17:25; 1Kr 28:6; Ps 132:11.

gemaak[a] oor ’n volk wat so tal-
ryk soos die stofdeeltjies van
die aarde is.[b] **10** Gee my nou
wysheid en kennis[c] sodat ek
voor hierdie volk kan uitgaan
en sodat ek kan inkom,[d] want
wie kan hierdie groot volk van
u rig?”[e]

**11** Toe het God vir Salomo
gesê: “Omdat dít jou na aan die
hart gelê het[f] en jy nie rykdom,
besittings en eer of die siel van
jou haters gevra het nie, en jy
ook nie baie dae gevra het nie,[g]
maar jy wysheid en kennis vir
jou vra sodat jy my volk kan rig
waaroor ek jou koning gemaak
het,[h] **12** word die wysheid en
die kennis aan jou gegee;[i] ook
sal ek jou rykdom en besittings
en eer gee soos nie een van die
konings gehad het wat voor jou
was nie[j] en soos niemand ná jou
sal hê nie.”[k]

**13** Toe het Salomo van die
hoogte wat in Gi′beon was,[l] van
die tent van samekoms[m] af,
na Jerusalem gekom en oor Is-
rael bly regeer.[n] **14** En Salo-
mo het strydwaens en perde bly
versamel sodat hy duisend-vier-
honderd strydwaens en twaalf-
duisend perde gehad het,[o] en
hy het hulle in strydwastede[p]
en naby die koning in Jerusa-
lem gehou. **15** En die koning
het die silwer en die goud in Je-
rusalem soos die klippe ge-
maak;[q] en sederhout het hy so
oorvloedig gemaak soos die wil-
devyebome[r] wat in die Sjefe′-
la is.[s] **16** En perde is uit Egip-
te na Salomo uitgevoer,[t] en die
koning se geselskap koopman-
ne het telkens die trop perde
teen ’n prys geneem.[u] **17** En
gewoonlik het hulle ’n strydwa
uit Egipte gebring en uitgevoer
vir seshonderd silwerstukke en
’n perd vir honderd-en-vyftig;
en so was dit vir al die konings
van die Hetiete en die konings
van Sirië.[a] Deur middel van hul-
le het die uitvoer geskied.

**2** Salomo het toe die bevel ge-
gee om ’n huis[b] vir Jehovah
se naam[c] en ’n huis vir sy ko-
ningskap[d] te bou. **2** En Salo-
mo het sewentigduisend man as
lasdraers afgetel en tagtigdui-
send man as klipkappers in die
gebergte[e] en drieduisend-ses-
honderd as opsieners oor hul-
le.[f] **3** Verder het Salomo na
Hiram,[g] die koning van Tirus,
gestuur en gesê: “Net soos u
met my vader Dawid gehandel
het[h] en aan hom sederhout bly
stuur het sodat hy vir hom ’n
huis kon bou om in te woon—
**4** kyk, ek bou[i] ’n huis vir die
naam[j] van Jehovah my God om
dit aan hom te heilig,[k] om wel-
riekende reukwerk[l] voor hom
te brand, met die altydblywen-
de stapelbrood[m] en die brandof-
fers soggens en saans,[n] op die
sabbatte[o] en op die nuwema-
ne[p] en op die feestye[q] van Je-
hovah ons God. Tot onbepaal-
de tyd[r] is dit aan Israel opgelê.
**5** En die huis wat ek bou, sal
groot wees,[s] want ons God is
groter as al die ander gode.[t]
**6** En wie het die krag om vir
hom ’n huis te bou?[u] Want die
hemel en die hemel der heme-
le kan hom nie bevat nie,[v] en
wie is ek[w] dat ek vir hom ’n
huis sou bou, behalwe om offer-
rook voor hom te laat opgaan?[x]
**7** Stuur dan nou vir my ’n vaar-
dige man om goud en silwer en
koper[y] en yster en purperrooi-
gekleurde wol en karmosynrooi
en blou weefgaring te bewerk,
en wat weet hoe om graverings
uit te sny, saam met die vaar-
dige manne wat by my in Juda
en in Jerusalem is, waarvoor

**HFST. 1**
a 1Sa 2:7; 1Kn 3:7
b Ge 13:16
c 1Kn 3:9; Spr 2:6; Spr 3:13; Jak 1:5
d Nu 27:17; 2Sa 5:2
e 1Kn 3:8; Ps 72:2
f 1Sa 16:7; 1Kr 29:17
g 1Kn 3:11
h 1Kn 3:28; Spr 14:8
i 1Kn 3:12; Ps 34:10; Ef 3:20; 1Jo 5:15
j 1Kr 29:25; 2Kr 9:22; Pr 2:9
k 1Kn 3:13
l 1Kn 3:4; 1Kr 16:39; 1Kr 21:29
m Eks 40:2
n 1Kn 4:25
o De 17:16; 1Kn 4:26
p 2Kr 8:6; 2Kr 9:25
q 1Kn 10:21
r 1Kn 10:27
s 2Kr 9:27; 2Kr 26:10
t 2Kr 9:28
u 1Kn 10:28

**Tweede kol.**
a 1Kn 10:29

**HFST. 2**
b 1Kn 5:5
c De 12:11; 1Kr 22:10
d 1Kn 7:1
e 1Kn 5:15
f 1Kn 5:16; 1Kn 9:22; 2Kr 2:18
g 1Kn 5:1
h 2Sa 5:11; 1Kr 14:1
i 1Kn 8:19
j 2Kr 6:33
k 1Kn 8:64
l Eks 30:7
m Eks 25:30; Le 24:8; Mt 12:4
n Nu 28:4
o Eks 20:10; Nu 28:9
p Nu 10:10; Nu 28:11
q Le 23:4; 1Kr 23:31
r Le 23:14; Le 23:41
s 1Kr 29:1; Ps 68:29
t Eks 15:11; Ps 86:8; Ps 95:3; Ps 135:5
u Jes 66:1

v 1Kn 8:27; Han 17:24; w 2Sa 7:18; 1Kr 29:14; x De 12:6; y Eks 31:3; 1Kn 7:14.

my vader Dawid gesorg het.[a]
**8** En stuur aan my seder-,[b] je-
newer-[c] en algummimstompe[d]
uit die Li′banon,[e] want ek weet
goed dat u knegte ervare daar-
in is om die bome van die Li′ba-
non af te kap[f] (en kyk, my
knegte is saam met u knegte),
**9** ja, om baie stompe vir my ge-
reed te maak, want die huis
wat ek bou, sal groot wees, ja,
op ’n wonderbare wyse. **10** En
kyk! aan die houtkappers, dié
wat die bome afkap, gee ek ko-
ring as voedsel vir u knegte,
twintigduisend kor,[g] en twintig-
duisend kor gars en twintigdui-
send bat wyn[h] en twintigdui-
send bat olie.”

**11** Daarop het Hiram, die ko-
ning van Tirus,[i] in ’n brief wat
hy aan Salomo gestuur het, ge-
sê: “Omdat Jehovah sy volk lief-
gehad het,[j] het hy u as koning
oor hulle aangestel.”[k] **12** En
Hiram het verder gesê: “Mag Je-
hovah, die God van Israel, wat
die hemel en die aarde gemaak
het,[l] geloof word[m] omdat hy aan
koning Dawid ’n wyse seun ge-
gee het, ervare in oordeelkun-
digheid en begrip,[n] wat ’n huis
vir Jehovah en ’n huis vir sy
koningskap sal bou.[o] **13** En ek
stuur dan nou ’n vaardige man,
ervare in begrip, Hiram-Abi,[p]
**14** die seun van ’n vrou uit die
kinders van Dan, maar wie se
vader ’n man van Tirus was, er-
vare, om goud en silwer, koper,[q]
yster, stene[r] en hout, purper-
rooigekleurde wol,[s] blou weef-
garing[t] en fyn[u] weefstof en
karmosynrooi weefgaring[v] te
bewerk en om allerhande grave-
rings uit te sny[w] en om allerhan-
de planne te ontwerp[x] wat aan
hom opgedra word, saam met u
vaardige manne en die vaardi-
ge manne van my heer Dawid,
u vader. **15** En laat my heer
dan nou die koring en die gars,
die olie en die wyn wat hy be-
loof het, aan sy knegte stuur.[a]
**16** Wat ons betref, ons sal bome
uit die Li′banon kap[b] volgens al
u behoeftes,[c] en ons sal dit vir u
as vlotte oor die see[d] na Joppe[e]
bring, en ú moet dit na Jerusa-
lem opneem.”

**17** Toe het Salomo al die
manne getel wat inwonende
vreemdelinge was, wat in die
land van Israel was,[f] ná die tel-
ling wat sy vader Dawid van
hulle gehou het;[g] en daar is ge-
vind dat daar honderd-drie-en-
vyftigduisend-seshonderd was.
**18** En hy het sewentigduisend
van hulle lasdraers[h] gemaak
en tagtigduisend klipkappers[i]
in die gebergte en drieduisend-
seshonderd opsieners om die
mense aan die werk te hou.[j]

**3** Uiteindelik het Salomo die
huis van Jehovah begin bou[k]
in Jerusalem op die berg Mori′a,[l]
waar Jehovah aan sy vader Da-
wid verskyn het,[m] op die plek
wat Dawid gereedgemaak het
op die dorsvloer van Ornan,[n]
die Jebusiet. **2** En hy het be-
gin bou in die tweede maand
op die tweede dag, in die vier-
de jaar van sy regering.[o] **3** En
dít het Salomo as ’n fondament
gelê vir die bou van die huis van
die ware God: die lengte in elle
volgens die vroeëre maat was
sestig el, en die breedte twintig
el.[p] **4** En die portaal[q] wat by
die lengte gevoeg is, was twin-
tig el voor op die breedte van
die huis, en die hoogte daar-
van was honderd-en-twintig; en
hy het dit binnekant met sui-
wer goud oorgetrek. **5** En die
groot huis[r] het hy met jene-
werhout oordek, waarna hy
dit met goeie goud oorgetrek
het,[s] en toe het hy palmboom-
figure[t] en kettings daarop aan-
gebring.[u] **6** Verder het hy vir
versiering die huis met kosbare

**HFST. 2**

a 1Kr 22:15
b 1Kn 5:6
c 1Kn 5:8
2Kr 3:5
d 1Kn 10:11
e 1Kn 5:14
f 1Kn 5:9
g 1Kn 5:11
h Esr 7:22
i 1Kn 5:1
1Kn 9:11
1Kr 14:1
j De 7:8
De 33:3
k 1Kn 10:9
l Ge 1:1
Ps 33:6
Han 17:24
Op 4:11
Op 10:6
m 1Kn 5:7
Ps 72:18
n 2Kr 1:12
o 2Kr 2:1
p 1Kn 7:13
1Kn 7:40
2Kr 4:11
2Kr 4:16
Spr 22:29
q 1Kn 7:14
r Eks 31:5
s Eks 39:1
t Eks 39:2
u Eks 39:5
v 2Kr 3:14
w Eks 39:6
x Eks 31:4
Eks 35:32

**Tweede kol.**

a 2Kr 2:10
b 1Kn 5:6
c 1Kn 5:8
d 1Kn 5:9
e Jos 19:46
Esr 3:7
Han 9:36
f 1Kn 5:13
1Kn 5:14
2Kr 8:8
g 1Kr 22:2
h 1Kn 5:15
i 1Kn 5:17
1Kn 5:18
1Kr 22:15
j 1Kn 5:16

**HFST. 3**

k 1Kn 6:14
1Kr 29:19
l Ge 22:2
Ge 22:14
m 2Sa 24:25
1Kr 21:18
n 2Sa 24:18
1Kr 21:22
o 1Kn 6:1
p 1Kn 6:2
q 1Kn 6:3
2Kr 29:7
r 1Kn 6:15
s 1Kn 6:22
1Kr 29:4
t 1Kn 6:29
u 1Kn 6:21

stene bedek;[a] en die goud[b] was
goud uit die goudland. **7** En
hy het die huis, die dakbalke,
die drumpels en die mure en die
deure daarvan met goud oorge-
trek;[c] en hy het gerubs op die
mure gegraveer.[d]

**8** En hy het die huis van
die Allerheiligste[e] gemaak; die
lengte daarvan het ooreenge-
kom met die breedte van die
huis, twintig el, en die breedte
daarvan was twintig el;[f] en toe
het hy dit met goeie goud ter
waarde van seshonderd talen-
te oorgetrek. **9** En die gewig
vir die spykers[g] was vyftig goue
sikkels; en die dakvertrekke
het hy met goud oorgetrek.

**10** Toe het hy in die huis van
die Allerheiligste twee gerubs
gemaak,[h] 'n werk van beeldhou-
kuns, en hulle met goud oorge-
trek.[i] **11** Wat die vlerke van
die gerubs[j] betref, die lengte
daarvan was twintig el; die een
vlerk van vyf el het tot aan die
muur van die huis gereik, en die
ander vlerk van vyf el het tot
aan die vlerk van die ander ge-
rub gereik.[k] **12** En die vlerk
van die een gerub van vyf el het
tot aan die muur van die huis
gereik, en die ander vlerk van
vyf el het aan die vlerk van die
ander gerub geraak.[l] **13** Die
vlerke van hierdie gerubs was
uitgespreid twintig el; en hulle
het op hulle voete gestaan met
hulle gesigte na binne gekeer.

**14** Verder het hy die voor-
hangsel[m] van blou weefgaring[n]
en purperrooigekleurde wol en
karmosynrooi weefgaring en
fyn weefstof gemaak en gerubs
daarop ingewerk.[o]

**15** Toe het hy voor die huis
twee pilare[p] gemaak, vyf-en-
dertig el hoog, en die kapiteel[q]
wat op die top van elkeen was,
was vyf el. **16** Verder het hy
kettings[r] soos 'n halssnoer ge-
maak en dit op die toppe van die
pilare aangebring en honderd
granate[a] gemaak en dit aan die
kettings vasgesit. **17** En hy
het die pilare voor die tempel
opgerig, een aan die regter- en
een aan die linkerkant, waarna
hy die regterkantste Jagin en
die linkerkantste Boas genoem
het.[b]

**4** Toe het hy die koperaltaar[c]
gemaak; twintig el was sy
lengte en twintig el sy breedte
en tien el sy hoogte.[d]

**2** En hy het die gegote see[e]
tien el van die een rand tot die
ander rand gemaak, heeltemal
rond, en dit was vyf el hoog, en
'n lyn van dertig el kon dit rond-
om omspan.[f] **3** En onderaan
was dit rondom omring met wat
na kalbasvormige[g] ornamente
gelyk het, tien in 'n el, wat
die see heeltemal omsluit het.[h]
Die kalbasvormige ornamente
was in twee rye, in een gietsel
daarmee gegiet. **4** Dit het op
twaalf bulle[i] gestaan, drie wat
na die noorde kyk en drie wat
na die weste kyk en drie wat
na die suide kyk en drie wat na
die ooste kyk; en die see was
bo-op hulle, en hulle agterkante
was almal na die binnekant ge-
keer.[j] **5** En die dikte daarvan
was 'n handbreedte; en die rand
daarvan was soos 'n bekerrand
gemaak, 'n lelieblоeisel.[k] As 'n
houer kon dit drieduisend bat[l]
hou.[m]

**6** Verder het hy tien komme
gemaak en vyf aan die regter-
kant en vyf aan die linkerkant
gesit,[n] om daarin te was.[o] Dinge
wat met die brandoffer te doen
gehad het,[p] het hulle daarin af-
gespoel. Maar die see was vir
die priesters om daarin te was.[q]

**7** Hy het toe goue lamp-
staanders[r] gemaak, tien vol-
gens dieselfde plan,[s] en dit in

**HFST. 3**
a 1Kr 29:2; 1Kr 29:8
b 1Kr 29:4
c Eks 26:29
d Eks 26:1; 1Kn 6:29
e Eks 26:33; 1Kn 8:6; Heb 9:3; Heb 9:24
f 1Kn 6:20
g 1Kr 22:3
h 1Kn 6:23
i 1Kn 6:28
j 1Kn 8:6; 1Kr 28:18; 2Kr 5:7
k 1Kn 6:24
l 1Kn 6:25; 1Kn 6:27
m Mt 27:51; Heb 10:20
n Eks 26:31
o Eks 36:35
p 1Kn 7:15; 1Kn 7:21; 2Kn 25:13; 2Kr 4:12; Op 3:12
q 1Kn 7:16; 2Kn 25:17; Jer 52:22
r 1Kn 7:17

**Tweede kol.**
a 1Kn 7:20; 2Kn 25:17; 2Kr 4:13; Jer 52:23
b 1Kn 7:21

**HFST. 4**
c Eks 38:2; 1Kn 8:22; 2Kn 16:14
d Eks 20:26
e Eks 30:20; Eks 38:8; 2Kr 4:6
f 1Kn 7:23
g 1Kn 6:18
h 1Kn 7:24
i Jer 52:20
j 1Kn 7:25
k 1Kn 6:35
l Ese 45:14
m 1Kn 7:26
n 1Kn 7:39
o Le 9:14
p Le 1:9
q Eks 29:4
r Eks 37:17; 2Kr 4:20; Sag 4:2
s 1Kr 28:12

die tempel gesit, vyf aan die
regterkant en vyf aan die lin-
kerkant.[a]
**8** Verder het hy tien tafels
gemaak en dit in die tempel
gesit, vyf aan die regterkant
en vyf aan die linkerkant,[b] en
hy het honderd goue bakke ge-
maak.
**9** Toe het hy die voorhof[c] van
die priesters[d] gemaak en die
groot ingeslote ruimte[e] en die
deure wat by die ingeslote ruim-
te behoort, en die deure daar-
van het hy met koper oorge-
trek. **10** En die see het hy aan
die regterkant gesit, aan die
oostekant, teen die suide.[f]
**11** Laastens het Hiram die
kanne[g] en die skoppe[h] en die
bakke gemaak.[i]
So het Hiram die werk vol-
tooi wat hy in die huis van die
ware God vir koning Salomo
gedoen het. **12** Die twee pila-
re[j] en die ronde kapitele[k] op
die top van die twee pilare en
die twee stukke netwerk[l] om
die twee ronde kapitele te be-
dek wat op die top van die pila-
re was **13** en die vierhonderd
granate[m] vir die twee stukke
netwerk, twee rye granate vir
elke netwerk om die twee ron-
de kapitele te bedek wat op die
pilare was,[n] **14** en die tien wa-
entjies[o] en die tien komme[p] op
die waentjies; **15** die een see[q]
en die twaalf bulle daaronder,[r]
**16** en die kanne en die skoppe[s]
en die vurke[t] en al hulle voor-
werpe[u] het Hiram-Abiw[v] van
blink gevryfde koper vir koning
Salomo gemaak vir die huis van
Jehovah. **17** In die Jordaan-
distrik het die koning dit in die
digte grond tussen Sukkot[w] en
Sere′da[x] gegiet. **18** So het Sa-
lomo ’n baie groot hoeveelheid
van al hierdie voorwerpe ge-
maak, want die gewig van die
koper is nie bepaal nie.[y]

**HFST. 4**

a Eks 40:24
b 2Kr 4:19
c Eks 27:9; Le 6:16
d 1Kn 6:36
e 1Kn 7:12
f 1Kn 7:39
g Eks 27:3; 1Kn 7:45
h Eks 38:3; 2Kn 25:14
i 1Kn 7:40
j 2Kr 3:17
k 1Kn 7:41
l 1Kn 7:17
m 1Kn 7:20
n 1Kn 7:42; Jer 52:22
o 1Kn 7:27; 2Kn 25:16; Jer 52:17
p 1Kn 7:38
q 1Kn 7:23
r 1Kn 7:25
s 1Kn 7:40
t Eks 38:3
u Jer 52:19
v 2Kr 2:13
w Jos 13:24; Jos 13:27
x 1Kn 7:46
y 1Kn 7:47; 1Kr 22:3; 1Kr 22:14; Jer 52:20

**Tweede kol.**

a 2Kn 24:13; Esr 1:7; Jer 28:3
b Eks 37:26; 1Kn 7:48; 2Kr 26:16; Op 8:3
c Eks 25:24; 2Kr 4:8
d Eks 37:17; 1Kn 7:49
e Eks 25:37
f 1Kn 6:16
g Eks 37:23
h 1Kn 7:50
i 1Kn 6:32
j 1Kn 6:34

**HFST. 5**

k 1Kn 6:38; 1Kn 7:51
l 1Kr 22:14
m 1Kr 26:26; Mt 23:17
n 1Kn 8:1
o De 1:13
p 1Kr 24:6; 1Kr 24:31; 2Kr 1:2
q Eks 25:10; Nu 10:33
r 2Sa 5:7; 2Sa 5:9
s Ps 2:6; Jes 35:10; Mt 21:5
t 2Sa 6:12; 2Kr 1:4

**19** En Salomo het al die voor-
werpe[a] gemaak wat in die huis
van die ware God was, en die
goue altaar[b] en die tafels[c] met
die toonbrode daarop, **20** en
die lampstaanders[d] en hulle
lampe[e] van suiwer goud, om dit
volgens die reël voor die binne-
ste vertrek[f] op te steek; **21** en
die bloeisels en die lampe en
die snuiters,[g] van goud (dit was
die suiwerste goud), **22** en die
blussers en die bakke en die be-
kers en die vuurbakke, van sui-
wer goud,[h] en die ingang van
die huis,[i] die binneste deure
daarvan vir die Allerheiligste
en die deure[j] van die huis van
die tempel, van goud.

**5** Uiteindelik is al die werk
voltooi wat Salomo vir die
huis van Jehovah moes doen,[k]
en Salomo het die dinge be-
gin inbring wat deur sy vader
Dawid geheilig is;[l] en die sil-
wer en die goud en al die voor-
werpe het hy by die skatte van
die huis van die ware God[m] ge-
sit. **2** Toe het Salomo die ouer
manne van Israel[n] en al die
stamhoofde,[o] die owerstes van
die vaderhuise[p] van die kinders
van Israel, in Jerusalem byme-
kaar laat kom om die ark[q] van
die verbond van Jehovah uit
die Stad van Dawid,[r] dit wil
sê Sion,[s] op te bring.[t] **3** En
al die manne van Israel het
by die koning bymekaargekom
op die fees, dié van die sewende
maand.[u]
**4** Al die ouer manne van Is-
rael het dus gekom,[v] en die Le-
viete het die Ark begin dra.[w]
**5** En hulle het die Ark[x] en
die tent van samekoms[y] ge-
bring en al die heilige voor-
werpe[z] wat in die tent was. Die

u Le 23:34; 1Kn 8:2; 2Kr 7:8; v Jos 23:2; w Eks 25:14; Nu 4:15; 1Kr 15:15; x Eks 37:1; y Eks 40:35; Nu 4:31; z Nu 4:15; 1Kn 7:48.

priesters, die Leviete, het dit
gebring.[a] **6** En koning Salomo
en die hele vergadering van Is-
raeliete wat hulle afspraak met
hom voor die Ark nagekom het,
het skape en beeste geoffer[b]
wat so talryk was dat hulle nie
bereken of getel kon word nie.
**7** Toe het die priesters die ark
van die verbond van Jehovah
na sy plek gebring, in die binne-
ste[c] vertrek van die huis, in die
Allerheiligste,[d] onder die vler-
ke van die gerubs in.[e] **8** So het
die gerubs hulle vlerke oor die
plek van die Ark uitgesprei ge-
hou, sodat die gerubs die Ark
en sy draaghoute[f] van bo af
bedek het.[g] **9** Maar die draag-
houte was lank, sodat die pun-
te van die draaghoute sigbaar
was in die Heilige voor die bin-
neste vertrek, maar hulle was
nie buite sigbaar nie, en hul-
le is tot vandag toe nog daar.[h]
**10** Daar was niks in die Ark
nie behalwe die twee tafels[i] wat
Moses in Horeb[j] gegee het, toe
Jehovah met die kinders van Is-
rael 'n verbond gesluit het[k] by
hulle uittog uit Egipte.[l]

**11** En toe die priesters uit
die heiligdom uitkom (want al
die priesters wat gevind kon
word, het hulle geheilig[m]—dit
was nie nodig om die afdelings[n]
in ag te neem nie)— **12** en
die Leviete[o] wat sangers was
wat tot hulle almal behoort
het, naamlik tot Asaf,[p] tot He-
man,[q] tot Jedu'tun[r] en tot hul-
le seuns en tot hulle broers,
geklee in fyn weefstof, met sim-
bale[s] en met snaarinstrumente[t]
en harpe,[u] het oos van die al-
taar gestaan en saam met hul-
le altesaam honderd-en-twintig
priesters wat op die trompette
geblaas het[v]— **13** en net toe
die trompetblasers en die san-
gers soos een man[w] een geluid
laat hoor om Jehovah te loof en
te dank, en net toe hulle die ge-
luid aanhef met die trompette
en met die simbale en met die
instrumente vir sang[a] en met
lofprysing[b] aan Jehovah, "want
hy is goed,[c] want sy liefdery-
ke goedhartigheid is tot onbe-
paalde tyd",[d] is die huis met
'n wolk gevul,[e] ja, die huis van
Jehovah,[f] **14** en die priesters
kon weens die wolk nie staan
om diens te doen nie;[g] want die
heerlikheid[h] van Jehovah het
die huis van die ware God gevul.

**6** Toe het Salomo gesê:[i] "Je-
hovah het gesê dat hy in
die dik donkerheid sou woon;[j]
**2** en wat my betref, ek het 'n
huis as verhewe woning vir u
gebou[k] en 'n vaste plek waar u
tot onbepaalde tyd kan woon."[l]

**3** Toe het die koning sy gesig
gedraai en die hele gemeente
van Israel begin seën,[m] terwyl
die hele gemeente van Israel ge-
staan het.[n] **4** En hy het gesê:
"Mag Jehovah, die God van Is-
rael, geloof word,[o] wat met sy
eie mond met my vader Dawid
gepraat[p] en met sy eie hande
vervulling teweeggebring het[q]
en gesê het: **5** 'Van die dag
af dat ek my volk uit Egipte-
land uitgelei het, het ek nie 'n
stad uit al die stamme van Is-
rael gekies om 'n huis te bou
waar my naam[r] sou wees nie,
en ek het nie 'n man uitgekies
om leier oor my volk Israel te
word nie.[s] **6** Maar ek sal Jeru-
salem uitkies[t] sodat my naam
daar sal wees, en ek sal Dawid
uitkies om oor my volk Israel te
wees.'[u] **7** En dit het my vader
Dawid na aan die hart gelê om
'n huis vir die naam van Jeho-
vah, die God van Israel, te bou.[v]
**8** Maar Jehovah het vir my va-

**HFST. 5**
a 1Kn 8:4
b 2Sa 6:13; 1Kn 8:5
c 1Kn 6:23
d 1Kn 6:20
e 1Kn 8:6
f Eks 25:14
g 1Kn 8:7
h 1Kn 8:8
i Eks 34:1; Eks 40:20; De 10:2
j De 4:15
k Eks 19:5; Eks 24:7; De 29:1; 2Kr 6:11; Jer 31:32
l Eks 19:1
m Eks 19:10; Nu 8:21; 2Kr 29:34; 2Kr 30:24
n 1Kr 24:1; 2Kr 35:4
o 1Kr 15:16; 1Kr 16:4; 1Kr 23:3; 1Kr 25:1; 2Kr 29:25; Esr 3:10
p 1Kr 6:39; 1Kr 15:19
q 1Kr 6:33; 1Kr 15:17; 1Kr 25:6
r 1Kr 16:41; 1Kr 25:3
s 1Kr 15:16
t 2Sa 6:5
u 2Kr 9:11
v 1Kr 15:24
w Jes 52:8; Flp 1:27

**Tweede kol.**
a Ps 69:30
b Ps 84:4
c 1Kr 16:34; 2Kr 7:10
d Eks 34:6
e 1Kn 8:10
f Eks 40:34; 1Kn 8:11
g Eks 40:35; 2Kr 7:2
h Eks 16:10; Ese 10:4; Op 21:23

**HFST. 6**
i 1Kn 8:12
j Eks 20:21; De 4:11; Ps 97:2; Heb 12:18
k 1Kn 8:13
l 2Kr 2:4; Ps 132:14
m 1Kn 8:55
n Ne 8:5
o Ps 41:13; Ps 145:10; Jak 3:9
p 1Kr 17:12
q 1Kn 8:15; Jes 55:11
r De 12:5

s 1Kn 8:16; t 2Kr 12:13; Ps 48:1; u 2Sa 7:8; 1Kr 28:4; v 2Sa 7:2; 1Kn 5:3.

der Dawid gesê: ‘Omdat dit jou
na aan die hart gelê het om ’n
huis vir my naam te bou, het jy
goed gedoen omdat dit jou na
aan die hart gelê het.[a] **9** Jý
sal egter nie die huis bou nie,[b]
maar jou seun wat uit jou len-
dene voortkom, hý sal die huis
vir my naam bou.’[c] **10** En Je-
hovah het sy woord uitgevoer[d]
wat hy gespreek het, dat ek in
die plek van my vader Dawid[e]
sou opstaan en op die troon[f]
van Israel sou sit, net soos Jeho-
vah gespreek het,[g] en dat ek die
huis vir die naam van Jehovah,
die God van Israel, sou bou,[h]
**11** en dat ek daar die Ark[i] sou
plaas waarin die verbond van
Jehovah is wat hy met die kin-
ders van Israel gesluit het.”[j]

**12** En hy het voor die altaar
van Jehovah gaan staan voor
die hele gemeente van Israel,[k]
en hy het toe sy palms uitge-
strek.[l] **13** (Want Salomo het
’n koperplatform[m] gemaak en
dit toe in die middel van die in-
geslote ruimte[n] gesit. Die leng-
te daarvan was vyf el en die
breedte vyf el en die hoogte
drie el; en hy het daarop bly
staan.) En hy het op sy knieë
gegaan[o] voor die hele gemeente
van Israel en sy palms na die he-
mel uitgestrek.[p] **14** En hy het
gesê: “O Jehovah, die God van
Israel,[q] daar is in die hemel of op
die aarde geen God soos u nie,[r]
wat die verbond en die liefde-
ryke goedhartigheid hou[s] teen-
oor u knegte wat met hulle hele
hart voor u wandel;[t] **15** u wat
teenoor u kneg Dawid, my va-
der, nagekom het wat u hom be-
loof het,[u] sodat u die belofte met
u mond gemaak en met u eie
hand vervulling teweeggebring
het soos dit vandag is.[v] **16** En
nou, o Jehovah, die God van Is-
rael, kom na teenoor u kneg Da-
wid, my vader, wat u hom beloof
het deur te sê: ‘Voor my sal daar
vir jou nie ’n man ontbreek wat
op die troon van Israel sit nie,[a]
as jou seuns[b] net op hulle weg
ag gee deur in my wet te wan-
del,[c] net soos jy voor my gewan-
del het.’[d] **17** En nou, o Jeho-
vah, die God van Israel,[e] laat u
belofte[f] betroubaar wees wat u
aan u kneg Dawid gemaak het.[g]

**18** “Maar sal God waarlik by
die mens op die aarde woon?[h]
Kyk! Die hemel, ja, die hemel
der hemele, kan u nie bevat
nie;[i] hoeveel minder dan hierdie
huis wat ek gebou het![j] **19** En
u moet u tot die gebed van
u kneg[k] en tot sy versoek om
guns[l] wend, o Jehovah my God,
deur te luister na die smeken-
de geroep[m] en na die gebed wat
u kneg voor u bid,[n] **20** sodat
u oë dag en nag oop mag wees[o]
oor hierdie huis, oor die plek
waar u gesê het dat u u naam
sou vestig,[p] deur te luister na
die gebed wat u kneg na hierdie
plek toe bid.[q] **21** En u moet
luister na die dringende versoe-
ke van u kneg[r] en van u volk
Israel wanneer hulle na hierdie
plek toe bid,[s] sodat u mag hoor
vanuit u woonplek, vanuit die
hemel;[t] en u moet hoor en ver-
gewe.[u]

**22** “As ’n man teen sy me-
demens sondig,[v] en hy hom ’n
vloek oplê om hom aan die
vloek bloot te stel,[w] en hy onder
die vloek voor u altaar in hier-
die huis kom,[x] **23** mag u dan
hoor vanuit die hemel,[y] en u
moet optree[z] en oor u knegte
regspreek om die goddelose te
vergeld deur sy weg op sy eie
hoof te laat neerkom[a] en deur
die regverdige regverdig te ver-
klaar[b] deur hom te gee volgens
sy eie regverdigheid.[c]

**HFST. 6**

a 1Kn 8:18; 2Ko 8:12
b 1Kn 8:19
c 2Sa 7:12; 1Kr 17:4
d Jos 21:45; Ne 9:8
e 1Kr 29:23
f 1Kr 28:5; Heb 1:8
g 1Kr 17:11
h 1Kn 8:20
i Eks 40:20; 1Kn 8:9; 2Kr 5:10
j 1Kn 8:21
k 1Kn 8:22
l Eks 9:33; Ps 28:2; 1Ti 2:8
m Ne 8:4
n 1Kn 6:36
o 1Kn 8:54; Ps 95:6; Han 20:36
p Esr 9:5
q 1Kr 29:10
r Eks 15:11; 1Sa 2:2; Ps 86:8; Mi 7:18
s 1Kn 8:23
t De 7:9; 2Kn 20:3; 2Kr 16:9; Ne 1:5
u 1Kn 3:6; 1Kn 6:12
v 2Sa 7:12; 1Kr 22:10

**Tweede kol.**

a 1Kn 8:24
b 1Kn 6:12
c Ps 132:12
d Ps 26:3
e Eks 24:10
f 2Sa 7:25; Ps 119:49
g 1Kn 8:26
h 1Kn 8:27; Han 7:48
i 2Kr 2:6; Ne 9:6; Ps 148:13; Jes 40:12; Han 17:24
j 1Kn 8:27; Jes 66:1
k 2Kr 6:33; Ps 65:2; Da 9:18
l 2Kr 33:13; Ps 6:9
m Ps 5:2
n 1Kn 8:28
o 2Kn 19:16; Ps 33:18; Ps 34:15
p De 26:2; 2Kr 6:9; Ne 1:9
q 1Kn 8:29
r Ps 5:1
s 2Kr 7:12; Da 6:10
t 2Kn 19:20; 2Kr 30:27
u 2Kr 7:14; Mi 7:18

**v** 1Sa 2:25; **w** Ne 10:29; **x** 1Kn 8:31; **y** 2Kr 30:27; Ps 123:1; **z** 1Kn 8:32; **a** Nu 5:27; 2Kn 9:26; Job 34:11; Spr 1:31; Jes 3:11; Ga 6:7; **b** De 25:1; Ps 33:5; **c** Jes 3:10; Ese 18:20.

**24** "En as u volk Israel voor
'n vyand verslaan word[a] omdat
hulle teen u bly sondig het,[b]
en hulle inderdaad tot u terug-
keer[c] en u naam prys[d] en tot
u bid[e] en voor u guns versoek
in hierdie huis,[f] **25** mag u dan
hoor vanuit die hemel,[g] en u
moet die sonde van u volk Israel
vergewe[h] en hulle terugbring[i]
na die land wat u aan hulle en
hulle voorvaders gegee het.[j]

**26** "Wanneer die hemel toe-
gesluit is sodat daar geen reën
val nie[k] omdat hulle teen u bly
sondig het,[l] en hulle na hierdie
plek toe bid[m] en u naam prys
en hulle van hulle sonde afkeer
omdat u hulle bly teister het,[n]
**27** mag u dan hoor vanuit die
hemel, en u moet die sonde
van u knegte vergewe, ja, van
u volk Israel, want u onderrig[o]
hulle aangaande die goeie weg[p]
waarop hulle moet wandel; en u
moet reën gee[q] op u land wat u
aan u volk as 'n erfbesitting ge-
gee het.[r]

**28** "As daar hongersnood[s] in
die land voorkom, as daar pes[t]
voorkom, as daar verskroeiing[u]
en heuningdou,[v] sprinkane[w] en
kakkerlakke[x] voorkom; as hul-
le vyande[y] hulle in die land
van hulle poorte beleër[z]—eni-
ge soort plaag en enige soort
kwaal[a]— **29** watter gebed,[b]
watter versoek om guns[c] daar
ook al mag wees van enige mens
of van u hele volk Israel,[d] omdat
elkeen van hulle sy eie plaag[e]
en sy eie pyn ken; wanneer hy
sy palms na hierdie huis toe
uitstrek,[f] **30** mag u dan hoor
vanuit die hemel, u woonplek,[g]
en u moet vergewe[h] en aan elk-
een gee volgens al sy weë,[i] om-
dat u sy hart ken[j] (want u alleen
ken die hart van die mense-
kinders goed);[k] **31** sodat hulle
u kan vrees[l] deur in u weë te
wandel al die dae dat hulle lewe
op die oppervlak van die land
wat u aan ons voorvaders gegee
het.[a]

**32** "En ook na die uitlander
wat geen deel uitmaak van u
volk Israel nie[b] en wat weens u
groot naam[c] en u sterk hand[d]
en u uitgestrekte arm[e] uit 'n ver
land kom, en hulle kom en bid
na hierdie huis toe,[f] **33** mag
u dan luister vanuit die hemel,
vanuit u vaste woonplek,[g] en u
moet doen volgens alles waar-
oor die uitlander u aanroep;[h] so-
dat al die volke van die aarde u
naam kan ken[i] en u kan vrees,[j]
net soos u volk Israel, en kan
weet dat u naam uitgeroep is
oor hierdie huis wat ek gebou
het.[k]

**34** "As u volk in die oor-
log teen hulle vyande uittrek[l]
op die pad waarlangs u hulle
stuur,[m] en hulle inderdaad tot
u bid[n] in die rigting van hier-
die stad wat u uitgekies het en
die huis wat ek vir u naam ge-
bou het,[o] **35** moet u ook van-
uit die hemel hulle gebed en hul-
le versoek om guns hoor,[p] en u
moet aan hulle reg verskaf.[q]

**36** "As hulle teen u sondig[r]
(want daar is geen mens wat nie
sondig nie),[s] en u op hulle ver-
toornd is en hulle aan 'n vy-
and oorlewer, en dié wat hul-
le gevange neem, hulle gevange
wegvoer na 'n land, ver of naby,[t]
**37** en hulle inderdaad tot besin-
ning kom in die land waarheen
hulle gevange weggevoer is, en
hulle tot u terugkeer en u in die
land waar hulle gevangenes is,[u]
om guns versoek en sê: 'Ons het
gesondig,[v] ons het gedwaal[w] en

**HFST. 6**

a Le 26:17; De 28:25; Jos 7:8
b Jos 7:11; Rig 2:14
c Le 26:40; Ne 9:2
d Da 9:19
e Esr 9:5
f 1Kn 8:33; Da 9:3
g Jes 57:15
h 1Kn 8:34
i Ps 106:47
j Ge 13:15; Eks 6:8
k Jak 5:17
l Ese 14:13
m 1Kn 8:35
n Jes 9:13; Ese 18:30
o Ps 86:11; Ps 119:102; Jes 30:20; Jes 54:13
p Jes 30:21; Jer 6:16; Jer 42:3
q 1Kn 18:1; Sag 10:1
r 1Kn 8:36
s Rut 1:1; 2Kn 6:25; 2Kr 20:9
t Le 26:16; De 28:21
u Am 4:9; Hag 2:17
v De 28:22; Am 4:9
w De 28:38; Jl 1:4; Jl 2:25
x Ps 78:46
y Le 26:25; 2Kr 12:2; 2Kr 32:1
z 1Kn 8:37
a Ese 14:21
b 2Kr 20:6; Ps 91:15
c 2Kr 33:13
d 1Kn 8:38
e Spr 14:10
f Da 6:10
g Ps 33:14; Jes 63:15; Mt 23:22
h Ps 130:4
i Job 34:11; Ps 18:20; Op 2:23
j 1Kr 28:9; Jer 11:20
k 1Sa 16:7; 1Kn 8:39; Jer 17:10
l Eks 20:20

**Tweede kol.**

a Ge 12:7; Jos 1:2; 1Kn 8:40
b Eks 12:48; Rut 1:16; Jes 56:3
c Nu 9:14; Jos 9:27; Jes 56:6; Joh 12:20; Han 8:27

**d** De 3:24; Jos 2:11; **e** 1Kn 8:42; **f** Han 2:10; **g** 2Kr 30:27; Ps 11:4; Ps 123:1; Heb 9:24; **h** 1Kn 8:43; **i** Ps 22:27; Ps 46:10; **j** Jer 10:7; Op 14:7; **k** 1Kn 8:43; **l** De 20:1; 2Kr 14:11; **m** Nu 31:2; Jos 8:1; Rig 1:2; 1Sa 15:3; **n** 2Kr 14:11; 2Kr 20:6; **o** 2Kr 3:2; **p** Ps 3:4; Da 9:17; **q** Jes 37:36; **r** 1Kn 8:46; **s** Ps 130:3; Pr 7:20; Ro 3:23; **t** Le 26:34; Da 9:7; **u** 1Kn 8:47; **v** Le 26:40; Ne 1:6; Ps 106:6; **w** Da 9:5.

ons het goddeloos gehandel',[a] **38** en hulle inderdaad met hulle hele hart[b] en met hulle hele siel tot u terugkeer in die land waar hulle gevangenes is[c] van dié wat hulle gevange weggevoer het, en hulle inderdaad bid in die rigting van hulle land wat u aan hulle voorvaders gegee het en die stad wat u uitgekies het[d] en die huis wat ek vir u naam gebou het,[e] **39** moet u ook hulle gebed en hulle versoeke om guns hoor[f] vanuit die hemel, vanuit u vaste woonplek,[g] en u moet aan hulle reg verskaf[h] en u volk vergewe[i] wat teen u gesondig het.

**40** "O my God, laat u oë[j] asseblief nou oop wees en u ore[k] ag gee op die gebed aangaande hierdie plek. **41** En staan nou op,[l] o Jehovah God, om in u rus[m] in te gaan, u en die Ark van u sterkte.[n] Laat u priesters, o Jehovah God, met redding beklee word, en laat u lojales hulle in goedheid verbly.[o] **42** O Jehovah God, moenie die aangesig van u gesalfde[p] afwys nie. Dink tog aan die liefderyke goedhartighede teenoor u kneg Dawid."[q]

**7** En net toe Salomo klaar gebid het,[r] het die vuur uit die hemel neergedaal[s] en die brandoffer[t] en die offerandes verteer, en Jehovah se heerlikheid[u] het die huis gevul. **2** En die priesters kon nie in die huis van Jehovah ingaan nie[v] omdat Jehovah se heerlikheid die huis van Jehovah gevul het. **3** En al die kinders van Israel was toeskouers toe die vuur neergedaal het en die heerlikheid van Jehovah op die huis was, en hulle het onmiddellik laag gebuig[w] met hulle gesig na die aarde op die plaveisel en hulle neergewerp[x] en Jehovah gedank, "want hy is goed,[y] want sy liefderyke goedhartigheid is tot onbepaalde tyd."[a]

**4** En die koning en die hele volk het 'n offerande voor Jehovah gebring.[b] **5** En koning Salomo het die offerande van twee-en-twintigduisend beeste en honderd-en-twintigduisend skape geoffer.[c] So het die koning en die hele volk die huis van die ware God ingewy.[d] **6** En die priesters[e] het op hulle diensposte gestaan, asook die Leviete[f] met die instrumente vir sang[g] tot Jehovah, wat koning Dawid[h] gemaak het om Jehovah te dank, "want sy liefderyke goedhartigheid is tot onbepaalde tyd", wanneer Dawid deur hulle hand lof gebring het; en voor hulle het die priesters hard op die trompette geblaas,[i] terwyl al die Israeliete gestaan het.

**7** Toe het Salomo die middel van die voorhof geheilig[j] wat voor die huis van Jehovah was, omdat hy daar die brandoffers[k] en die vetstukke van die gemeenskapsoffers gebring het, want die koperaltaar[l] wat Salomo gemaak het, kon die brandoffer en die graanoffer[m] en die vetstukke[n] nie bevat nie. **8** En Salomo het in dié tyd die fees[o] sewe dae lank gehou, en die hele Israel saam met hom,[p] 'n baie groot gemeente[q] van die ingang van Hamat[r] af tot by die stroomvallei van Egipte.[s] **9** Maar op die agtste dag het hulle 'n plegtige vergadering gehou,[t] want hulle het die inwyding van die altaar sewe dae lank gehou en die fees sewe dae lank. **10** En op die drie-en-twintigste dag van die sewende maand het hy die volk weggestuur na hulle huise, vreugdevol[u] en vrolik van hart oor

u De 12:7; De 16:15; Ne 8:10.

**HFST. 6**

a Esr 9:6; Spr 28:13
b De 30:2; 1Sa 7:3; Jer 29:13
c Da 9:3
d 2Kr 33:7; Da 6:10
e 1Kn 8:48
f 1Kn 8:49
g 2Kr 30:27; Ps 123:1; Heb 9:24
h Ge 15:14; Jer 51:36
i Mi 7:18
j 2Kr 7:15; 2Kr 16:9; Ps 11:4; Ps 34:15; Jes 37:17
k Ps 17:1; Ps 31:2; Ps 65:2
l Ps 132:8
m 1Kr 28:2
n Jos 3:13; 1Sa 5:9
o Ne 9:25; Ps 65:4
p 1Kn 1:34; Ps 18:50
q Han 13:34

**HFST. 7**

r 1Kn 8:54
s 1Kn 18:38
t Le 9:24; 1Kr 21:26
u Eks 40:34; 1Kn 8:11
v Eks 40:35
w Eks 4:31
x Ps 95:6
y Ps 31:19; Mt 19:17

**Tweede kol.**

a Rut 2:20; Jer 31:3; Klg 3:22
b 1Kn 8:62
c 1Kn 8:63
d Nu 7:10; 2Kr 2:4; Esr 6:16
e 2Kr 5:11
f 1Kr 23:5
g 1Kr 25:7
h 1Kn 10:12; Ps 138:8
i 2Kr 5:13
j 1Kn 8:64
k Le 1:3
l 2Kr 4:1
m Le 2:1
n Le 4:8
o Le 23:34; De 16:13
p 1Kn 8:65
q 2Kr 30:13
r Nu 34:8; 2Kn 14:25
s Nu 34:5; 2Kn 24:7; Jes 27:12
t Le 23:36; De 16:8; Ne 8:18

die goeie[a] wat Jehovah teenoor
Dawid en teenoor Salomo en
teenoor sy volk Israel gedoen
het.[b]
**11** So het Salomo die huis
van Jehovah[c] en die huis van die
koning[d] voltooi; en Salomo was
suksesvol in alles wat in sy hart
gekom het om met betrekking
tot die huis van Jehovah en sy
eie huis te doen. **12** Jehovah
het toe gedurende die nag aan
Salomo verskyn[e] en vir hom ge-
sê: "Ek het jou gebed gehoor,[f]
en ek het hierdie plek vir my
as 'n huis van offerande[g] uitge-
kies.[h] **13** Wanneer ek die he-
mel toesluit sodat daar geen
reën val nie[i] en wanneer ek die
sprinkane beveel om die land af
te eet[j] en as ek pes onder my
volk stuur,[k] **14** en my volk,[l]
oor wie my naam[m] uitgeroep is,
hulle verneder[n] en bid[o] en my
aangesig soek[p] en hulle van hul-
le slegte weë afkeer,[q] dan sal ek
vanuit die hemel hoor[r] en hul-
le sonde vergewe,[s] en ek sal
hulle land genees.[t] **15** Nou sal
my oë[u] oop wees en my ore[v]
ag gee op gebed in hierdie plek.
**16** En nou kies[w] en heilig ek
hierdie huis sodat my naam[x] tot
onbepaalde tyd daar kan wees,[y]
en my oë en my hart sal beslis
altyd daar wees.[z]
**17** "En as jy voor my wan-
del, net soos jou vader Dawid[a]
gewandel het, ja, deur te han-
del volgens alles wat ek jou be-
veel het,[b] en jy my voorskrif-
te[c] en my regterlike beslissings[d]
onderhou, **18** dan sal ek die
troon van jou koningskap ves-
tig,[e] net soos ek 'n verbond met
jou vader Dawid gesluit het[f]
deur te sê: 'Daar sal vir jou
nie 'n man ontbreek wat oor
Israel heers nie.'[g] **19** Maar as
julle julle afkeer[h] en my in-
settinge[i] en my gebooie[j] wat
ek julle voorgehou het, ver-
laat en ander gode gaan dien[a]
en julle voor hulle neerbuig,[b]
**20** dan sal ek hulle uitruk uit
my land wat ek hulle gegee
het;[c] en hierdie huis wat ek vir
my naam geheilig het,[d] sal ek
van my aangesig wegwerp,[e] en
ek sal dit 'n spreekwoord[f] en 'n
spot onder al die volke maak.[g]
**21** Wat hierdie huis betref wat
puinhope geword het,[h] elkeen
wat daar verbygaan, sal in ver-
basing staar[i] en beslis sê: 'Waar-
om het Jehovah so met hierdie
land en met hierdie huis ge-
doen?'[j] **22** En hulle sal moet
sê: 'Omdat hulle Jehovah, die
God van hulle voorvaders, wat
hulle uit Egipteland uitgelei
het,[k] verlaat het[l] en ander gode
aangekleef het[m] en hulle voor
hulle neergebuig en hulle ge-
dien het.[n] Daarom het hy al
hierdie rampspoed oor hulle ge-
bring.'"[o]

**8** En na verloop van twintig
jaar,[p] waarin Salomo die
huis van Jehovah[q] en sy eie
huis[r] gebou het, **2** het Salomo
die stede wat Hiram[s] aan Sa-
lomo gegee het, herbou en die
kinders van Israel toe daar laat
woon. **3** Verder het Salomo
na Hamat-Soba getrek en die
oorhand daaroor gekry. **4** Toe
het hy Tadmor in die wildernis
herbou en al die voorraadste-
de[t] wat hy in Hamat[u] gebou het.
**5** En hy het Bo-Bet-Horon[v] en
Onder-Bet-Horon[w] gebou, ver-
sterkte stede met mure,[x] deure
en grendels,[y] **6** en Ba'älat[z] en
al die voorraadstede wat Salo-
mo s'n geword het en al die
strydwastede[a] en die stede vir
die ruiters,[b] en alles wat Salo-

**HFST. 7**
a 2Kr 6:41
b 1Kn 8:66
c 1Kn 9:1
d Pr 2:4
e 1Kn 9:2; 2Kr 1:7
f 2Kn 20:5; Ps 66:19; Lu 1:13; Han 10:31; 1Pe 3:12
g De 12:6; 2Kr 2:6
h De 12:5; Ps 78:68
i 2Kr 6:26
j De 28:38
k Le 26:16; Nu 16:46; Ese 14:19
l Eks 19:5; De 32:9
m Nu 6:27; Jes 43:10; Jes 63:19
n Le 26:41; 2Kr 33:12; Jak 4:10
o 2Kr 6:37
p Ho 5:15
q De 30:2; Spr 28:13; Jes 55:7
r 2Kr 30:27
s 2Kr 6:39; Ps 103:3
t Ps 60:2
u 2Kr 16:9
v 2Kr 6:40
w De 12:21
x 1Kn 8:16
y 1Kn 9:3
z 2Kr 6:20
a 1Kn 9:4; Ps 26:3
b De 4:40
c De 12:1
d De 4:5
e 2Sa 7:13
f Ps 89:28
g 1Kn 9:5
h Heb 10:38
i Le 26:15; Ps 73:27
j De 28:15

**Tweede kol.**
a Jos 23:16
b Eks 20:5; 1Kn 9:6
c De 4:26; 2Kn 17:20
d 1Kn 9:7
e 2Kn 25:9
f De 28:37; Jer 24:9
g Ps 44:14
h 1Kn 9:8; 2Kn 25:9; Jer 7:4
i 2Kr 29:8; Jer 19:8; Da 9:12
j De 29:24; Jer 22:8
k Eks 12:51; De 29:25
l 2Kr 15:2; Ps 73:27

m Ps 115:8; Jes 2:8; Jer 2:11; Jer 10:14; n 1Kn 9:9; o De 4:26; 2Kr 36:17; Jer 22:9; **HFST. 8** p 1Kn 9:10; q 1Kn 6:37; 1Kn 6:38; r 1Kn 7:1; s 2Sa 5:11; 1Kn 5:2; t 1Kn 9:19; u 2Sa 8:9; 2Kn 14:28; v Jos 16:5; 1Kr 7:24; w Jos 16:3; 1Kn 9:17; x Nu 32:17; De 28:52; 2Kn 10:2; 2Kr 12:4; y De 3:5; z Jos 19:44; 1Kn 9:18; a 1Kn 4:26; b 1Kn 9:19.

mo[a] begeer het, wat hy graag in
Jerusalem en op die Li′banon[b]
en in die hele land van sy heer-
skappy wou bou.
**7** Wat al die mense betref
wat oorgebly het van die Hetie-
te[c] en die Amoriete[d] en die Pe-
rissiete[e] en die Hewiete[f] en
die Jebusiete,[g] wat geen deel
uitgemaak het van Israel nie,[h]
**8** uit hulle kinders wat ná hul-
le in die land oorgebly het, wat
die kinders van Israel nie uitge-
roei het nie,[i] het Salomo man-
ne vir dwangarbeid opgeroep,[j]
tot vandag toe.[k] **9** Maar Salo-
mo het nie een van die kin-
ders van Israel ’n slaaf vir sy
werk gemaak nie;[l] want hulle
was krygsmanne[m] en hoofde
van sy adjudante en hoofde
van sy strydwadrywers[n] en van
sy ruiters.[o] **10** Dit was die
hoofde van die bestuurders[p]
wat aan koning Salomo behoort
het, tweehonderd-en-vyftig, die
voormanne oor die mense.[q]
**11** En Salomo het Farao se
dogter[r] uit die Stad van Dawid
gebring[s] na die huis wat hy vir
haar gebou het,[t] want hy het ge-
sê: “Hoewel sy ’n vrou van my
is, mag sy nie in die huis van Da-
wid, die koning van Israel, woon
nie, want die plekke waar die
ark van Jehovah gekom het, is
heilig.”[u]
**12** Toe het Salomo brandof-
fers[v] aan Jehovah gebring op
die altaar[w] van Jehovah wat
hy voor die portaal[x] gebou het,
**13** ja, as ’n daaglikse[y] gebruik
om offers te bring volgens die
gebod van Moses vir die sab-
batte[z] en vir die nuwemane[a] en
vir die vasgestelde feeste[b] drie
keer per jaar,[c] op die fees van
die ongesuurde koeke[d] en op die
fees van die weke[e] en op die hut-
tefees.[f] **14** Verder het hy die
afdelings[g] van die priesters oor
hulle dienste gestel volgens die
reël van sy vader Dawid,[a] en
die Leviete[b] op hulle dienspos-
te, om as ’n daaglikse gebruik[c]
voor die priesters te loof[d] en
te dien,[e] en die poortwagters in
hulle afdelings vir die verskil-
lende poorte,[f] want so was die
gebod van Dawid, die man van
die ware God. **15** En hulle het
nie afgewyk van die koning se
gebod aan die priesters en die
Leviete oor enige saak en oor
die voorrade nie.[g] **16** So was
al Salomo se werk gereed[h] van
die dag van die fondamentleg-
ging van die huis van Jehovah
af totdat dit voltooi is.[i] En die
huis van Jehovah was klaar.[j]
**17** Toe het Salomo na E′seon-
Ge′ber[k] en na Elot[l] aan die see-
kus in die land Edom[m] gegaan.
**18** En Hiram[n] het gereeld deur
middel van sy knegte skepe na
hom toe gestuur en knegte wat
die see ken,[o] en hulle het saam
met Salomo se knegte na Ofir[p]
gegaan en vierhonderd-en-vyf-
tig talente[q] goud[r] daarvandaan
gaan haal en dit na koning Salo-
mo toe gebring.[s]

**9** En die koningin van Skeba[t]
het die berig oor Salomo ge-
hoor, en sy het gekom om Sa-
lomo in Jerusalem met ingewik-
kelde vrae op die proef te stel,[u]
saam met ’n baie indrukwek-
kende gevolg en kamele[v] wat
balsemolie[w] en baie goud[x] en
edelstene[y] dra. Eindelik het sy
by Salomo gekom en met hom
gepraat oor alles wat haar na
aan die hart gelê het.[z] **2** Daar-
op het Salomo al haar sake aan
haar bekend gemaak,[a] en geen
saak was vir Salomo verborge
wat hy nie aan haar bekend ge-
maak het nie.[b]

HFST. 8
a Pr 2:10
b Rig 3:3; 1Kn 9:19
c Ge 15:20; De 7:1; 1Kn 11:1; 2Kn 7:6
d Ge 15:21
e Eks 34:11
f Eks 23:23
g Nu 13:29
h 1Kn 9:20
i Jos 15:63; Jos 17:12; Ps 106:34
j 1Kn 9:21
k Jos 16:10; 2Kr 2:17
l Eks 19:6; Le 25:39
m 1Sa 8:12
n 1Sa 8:11
o 1Kn 9:22
p 1Kn 5:16
q 1Kn 9:23
r 1Kn 3:1
s 1Kn 9:24
t 1Kn 7:8
u Eks 29:43
v Le 1:3
w 2Kr 4:1
x 1Kn 6:3; Ese 8:16
y Eks 29:38; Nu 28:3
z Nu 28:9
a Nu 10:10; Nu 28:11
b Eks 23:14; Le 23:4
c De 16:16
d Le 23:6
e Le 23:16; Han 2:1
f Le 23:34
g 1Kr 24:1; 2Kr 5:11; Lu 1:5

Tweede kol.
a 1Kr 23:3
b 1Kr 15:16; 1Kr 25:1
c 2Kr 35:10
d 1Kr 6:31; 1Kr 16:42
e 1Kr 16:4; 1Kr 24:31
f 1Kr 9:17; 1Kr 26:1
g 1Kr 9:29; 1Kr 26:20
h 1Kn 5:18
i 1Kn 6:1; 1Kn 6:7
j 1Kn 7:51
k Nu 33:35; 1Kn 22:48; 2Kr 20:36
l De 2:8; 2Kn 14:22; 2Kn 16:6
m Ge 36:1; 1Kn 9:26
n 2Sa 5:11
o 1Kn 9:27
p 1Kn 22:48; Ps 45:9
q Eks 38:24

r 1Kn 10:22; 2Kr 9:13; s Pr 2:8; HFST. 9 t 1Kn 10:1; Jes 60:6; Lu 11:31; u Mt 12:42; Mt 22:46; v Ge 24:10; Jes 60:6; w 2Kn 20:13; x Ps 72:15; y 1Kn 10:2; Spr 17:8; z Mt 12:34; a 1Kn 10:3; Spr 1:5; b 1Kn 3:12.

**3** Toe die koningin van Skeba Salomo se wysheid[a] sien en die huis wat hy gebou het,[b] **4** en die voedsel van sy tafel[c] en hoe sy knegte sit en die tafeldiens van sy bediendes en hulle kleredrag[d] en sy skinkers[e] en hulle kleredrag, en sy brandoffers[f] wat hy gereeld by die huis van Jehovah geoffer het,[g] was daar geen gees meer in haar nie. **5** Toe het sy vir die koning gesê: “Die woord was waar wat ek in my land oor u sake en oor u wysheid gehoor het.[h] **6** En ek het geen geloof gestel[i] in hulle woorde nie totdat ek gekom het sodat my eie oë kon sien;[j] en kyk! ek is die helfte van die oorvloed van u wysheid[k] nie vertel nie. U het die berig wat ek gehoor het, oortref.[l] **7** Gelukkig[m] is u manne, en gelukkig is hierdie knegte van u wat voortdurend voor u staan en na u wysheid luister.[n] **8** Mag Jehovah u God geloof word,[o] wat behae in u gehad het[p] sodat hy u op sy troon geplaas het[q] as koning vir Jehovah u God;[r] want u God het Israel liefgehad,[s] om dit tot onbepaalde tyd staande te hou, sodat hy u as koning[t] oor hulle aangestel het om regterlike beslissings te lewer[u] en regverdigheid uit te oefen.”[v]

**9** Toe het sy aan die koning honderd-en-twintig talente goud[w] en ’n baie groot hoeveelheid balsemolie[x] en edelstene[y] gegee; en nog nooit was daar soveel balsemolie as wat die koningin van Skeba aan koning Salomo gegee het nie.[z]

**10** En die knegte van Hiram[a] en die knegte van Salomo wat goud[b] uit Ofir gebring het, het ook algummimstompe[c] en edelstene[d] gebring. **11** En die koning het van die algummimstompe trappe[e] vir die huis van Jehovah en vir die koning se huis[a] gemaak, en ook harpe[b] en snaarinstrumente[c] vir die sangers,[d] en die gelyke daarvan is nooit tevore in die land van Juda gesien nie.

**12** En koning Salomo het die koningin[e] van Skeba alles gegee wat haar behaag en wat sy gevra het, bo die waarde van wat sy vir die koning gebring het. Toe het sy omgedraai en na haar land gegaan, sy met haar knegte.[f]

**13** En die gewig van die goud wat in een jaar na Salomo toe gekom het, was seshonderd-ses-en-sestig talente goud,[g] **14** buiten wat die handelsreisigers en die koopmanne[h] ingebring het en die goud en silwer wat al die konings van die Arabiere[i] en die goewerneurs van die land vir Salomo ingebring het.

**15** En koning Salomo het tweehonderd groot skilde van gelegeerde goud gemaak[j] (seshonderd sikkels gelegeerde goud het hy op elke groot skild gebruik),[k] **16** en driehonderd klein skilde van gelegeerde goud (drie minas goud het hy op elke klein skild gebruik).[l] Toe het die koning dit in die Huis van die Li′banonwoud[m] gesit.

**17** Verder het die koning ’n groot ivoortroon gemaak en dit met suiwer goud oorgetrek.[n] **18** En daar was ses trappe na die troon toe, en daar was ’n goue voetbank aan die troon (hulle was vas aanmekaar), en daar was armleunings aan weerskante van die sitplek, en twee leeus[o] het langs die armleunings gestaan.[p] **19** En daar het twaalf leeus[q] aan weerskante op die ses trappe gestaan. Geen ander koninkryk

**HFST. 9**

a 1Kn 3:28; 1Kn 10:4; Pr 12:9
b 1Kn 6:1; 2Kr 3:1; 2Kr 4:11
c 1Kn 4:22
d 1Kn 10:5
e Ne 1:11
f Le 1:3
g 2Kr 8:13
h 1Kn 10:6; Mt 11:19
i Spr 14:15; Lu 11:31
j 1Kn 10:7; Joh 20:25
k Pr 1:16
l 1Kn 4:31; 1Kn 4:34; 2Kr 1:12
m Spr 3:13; Spr 8:34
n 1Kn 10:8
o 1Kn 5:7; Ps 72:18
p 2Sa 15:25; Ps 18:19
q 1Kr 29:23
r 1Kn 10:9
s De 7:8; 2Kr 2:11
t Joh 1:49
u 2Sa 8:15; 1Kn 3:9; Jes 9:7
v 2Sa 23:3; Ps 72:2; Jes 11:4
w 1Kn 9:14; Ps 72:10
x Ge 43:11
y Spr 20:15
z 1Kn 10:10
a 1Kn 9:27
b 1Kn 10:22; 2Kr 8:18; Ps 72:10
c 1Kn 10:11
d 2Kr 3:6
e 1Kn 6:8

**Tweede kol.**

a 1Kn 7:1
b 1Kn 10:12; 1Kr 25:1; Ps 92:3; Ps 150:3
c 2Sa 6:5; 1Kr 23:5
d 1Kr 9:33; 2Kr 5:12
e 1Kn 10:1; Spr 11:25; Mt 12:42; Lu 6:38; Lu 11:31
f 1Kn 10:13
g 1Kn 10:14; 2Kr 1:15; Ps 68:29; Ps 72:15
h Ge 37:28; 1Kn 10:15; Jes 23:2; Jes 45:14
i Ps 72:10; Jer 25:24
j 2Kr 12:9
k 1Kn 10:16
l 1Kn 10:17; m 1Kn 7:2; n 1Kn 10:18; o Ge 49:9; Spr 28:1; Op 5:5; p 1Kn 10:19; q Nu 23:24.

het een gehad wat net so ge-
maak is nie.[a] **20** En al die
drinkhouers[b] van koning Salo-
mo was van goud,[c] en al die
houers van die Huis van die
Li′banonwoud[d] was van suiwer
goud. Daar was niks van silwer
nie; dit is in die dae van Salomo
as hoegenaamd niks geag nie.[e]
**21** Want skepe wat aan die ko-
ning behoort het, het saam met
die knegte van Hiram[f] na Tar-
sis[g] gevaar. Een keer in drie
jaar het Tarsisskepe ingekom,
gelaai met goud en silwer,[h]
ivoor[i] en ape en poue.[j]

**22** So was koning Salomo in
rykdom[k] en wysheid[l] groter as
al die ander konings van die
aarde. **23** En al die konings
van die aarde het die aange-
sig van Salomo gesoek[m] om
sy wysheid te hoor,[n] wat die
ware God in sy hart geplaas
het.[o] **24** En hulle het elkeen
sy geskenk gebring:[p] silwer-
voorwerpe en goue voorwerpe[q]
en klere,[r] wapens en balsem-
olie, perde en muile, jaar na
jaar.[s] **25** En Salomo het vier-
duisend stalle met perde[t] ge-
had en strydwaens[u] en twaalf-
duisend perde, en hy het hulle
in die strydwastede[v] en naby
die koning in Jerusalem gehou.
**26** En hy was heerser oor al die
konings van die Rivier af tot
by die land van die Filistyne en
tot by die grens van Egipte.[w]
**27** Verder het die koning die sil-
wer in Jerusalem soos die klip-
pe gemaak; en sederhout het hy
so oorvloedig gemaak[x] soos die
wildevyebome[y] wat in die Sjefe′-
la is.[z] **28** En daar was dié wat
vir Salomo perde[a] uit Egipte[b]
en uit al die ander lande gebring
het.

**29** Wat die res van die aange-
leenthede van Salomo[c] betref,
die eerstes en die laastes, is dit
nie opgeteken onder die woor-
de van die profeet Natan[a] en in
die profesie van Ahi′a,[b] die Silo-
niet,[c] en in die verslag van die
visioene van die siener Iddo[d]
oor Jero′beam,[e] die seun van
Nebat,[f] nie? **30** En Salomo het
veertig jaar in Jerusalem oor
die hele Israel regeer. **31** Uit-
eindelik het Salomo met sy
voorvaders ontslaap. En hulle
het hom in die Stad van Dawid,
sy vader,[g] begrawe; en sy seun
Reha′beam[h] het in sy plek begin
regeer.[i]

**10** En Reha′beam[j] het na Si-
gem[k] gegaan, want al die
Israeliete het na Sigem gekom
om hom koning te maak. **2** En
toe Jero′beam,[l] die seun van Ne-
bat, daarvan hoor terwyl hy nog
in Egipte was[m] (want hy het vir
koning Salomo gevlug), het Je-
ro′beam onmiddellik uit Egipte
teruggekom.[n] **3** Toe het hulle
gestuur en hom laat roep, en Je-
ro′beam en die hele Israel het
gekom en met Reha′beam ge-
praat en gesê:[o] **4** “U vader het
ons juk hard gemaak;[p] maak
dan nou die harde diens van u
vader en die swaar juk[q] wat hy
ons opgelê het, ligter, en ons sal
u dien.”[r]

**5** Hierop het hy vir hulle ge-
sê: “Laat daar nog drie dae
wees. Kom dan na my toe te-
rug.” Toe het die volk wegge-
gaan. **6** En koning Reha′be-
am het begin beraadslaag[s] met
die ouer manne wat die hele
tyd in sy vader Salomo se diens
was terwyl hy nog gelewe het
en gesê: “Hoe raai julle aan
moet hierdie volk geantwoord
word?”[t] **7** Daarop het hulle
met hom gepraat en gesê: “As u
goed is vir hierdie volk en hul-
le behaag en inderdaad goeie
woorde met hulle spreek,[u] dan

**HFST. 9**
a 1Kn 10:20
b Est 1:7
c 1Kn 10:21
d 1Kn 7:2
e 1Kn 10:27
f 1Kn 9:27
g 2Kr 20:36; Ps 72:10; Jes 23:1; Jon 1:3
h 1Kn 7:51
i 1Kn 10:18; Am 3:15
j 1Kn 10:22
k 1Kn 3:13; 1Kn 10:23; Ps 89:27; Ef 3:8
l 1Kn 3:12; 1Kn 4:29; Kol 2:3
m 1Kn 4:34
n 1Kn 10:24; Jes 11:10; Lu 21:15
o 1Kn 3:28; 2Kr 1:12; Spr 2:6; Da 1:17
p 2Kr 26:8; Job 42:11
q 2Sa 8:10
r Mt 6:29
s 1Kn 10:25
t De 17:16
u 1Kn 4:26
v 1Kn 10:26
w 1Kn 4:21
x 1Kn 10:27
y 2Kr 1:15
z 1Kr 27:28
a De 17:16; 2Kr 1:16
b 1Kn 10:28; Jes 31:1
c 1Kn 11:41

**Tweede kol.**
a 2Sa 7:2; 2Sa 12:1; 1Kn 1:8; 1Kn 1:11; 1Kn 1:32; 1Kr 29:29
b 1Kn 11:36; 1Kn 14:2; 1Kn 14:10
c 1Kn 11:29
d 2Kr 12:15; 2Kr 13:22
e 2Kr 13:20
f 1Kn 11:26
g 2Sa 5:9; 1Kn 2:10; 2Kr 21:20
h 1Kr 3:10; 2Kr 13:7; Pr 2:19; Mt 1:7
i 1Kn 14:21

**HFST. 10**
j 1Kn 12:1
k Ge 12:6; Jos 20:7; Jos 24:1; Rig 9:1
l 1Kn 11:28

m 1Kn 11:40; n 1Kn 12:2; o 1Kn 12:3; p Spr 29:2; Pr 4:1; q Pr 5:8; r 1Kn 12:4; s 2Sa 16:20; Job 12:12; t 1Kn 12:6; u Spr 12:8; Spr 15:1; Pr 10:4; Sag 1:13.

sal hulle beslis vir altyd u kneg-
te word."[a]
**8** Hy het egter die raad[b] van
die ouer manne wat hulle hom
gegee het, in die wind geslaan,
en hy het begin beraadslaag
met die jong manne wat saam
met hom grootgeword het,[c] dié
wat in sy diens was.[d] **9** En hy
het vir hulle gesê: "Wat raai jul-
le aan[e] moet ons hierdie volk
antwoord wat met my gepraat
en gesê het: 'Maak die juk wat
u vader ons opgelê het, ligter'?"[f]
**10** Hierop het die jong manne
wat saam met hom grootge-
word het, met hom gepraat en
gesê: "Só moet u sê vir die volk
wat met u gepraat en gesê het:
'U vader het ons juk swaar ge-
maak, maar maak ú dit ligter op
ons'; só moet u vir hulle sê:[g] 'My
pinkie sal beslis dikker as my
vader se heupe wees.[h] **11** My
vader het dan nou 'n swaar juk
op julle gelaai, maar ék sal by
julle juk byvoeg.[i] My vader het
julle met swepe getugtig, maar
ék sal julle met gesels tugtig.' "[j]
**12** En Jero′beam en die hele
volk het op die derde dag na
Reha′beam toe gekom, net soos
die koning gespreek en gesê
het: "Kom op die derde dag
na my toe terug."[k] **13** En die
koning het hulle 'n harde ant-
woord begin gee.[l] So het ko-
ning Reha′beam die raad van
die ouer manne[m] in die wind ge-
slaan,[n] **14** en hy het volgens
die raad van die jong manne[o]
met hulle gepraat en gesê: "Ek
sal julle juk swaarder maak, en
ek sal daarby byvoeg. My va-
der het julle met swepe getug-
tig, maar ék sal julle met gesels
tugtig."[p] **15** En die koning het
nie na die volk geluister nie;
want die wending van sake het
van die ware God gekom,[q] sodat
Jehovah sy woord kon uitvoer[r]
wat hy deur middel van Ahi′a,[a]
die Siloniet,[b] tot Jero′beam, die
seun van Nebat, gespreek het.[c]
**16** Wat die hele Israel betref,
omdat die koning nie na hulle
geluister het nie, het die volk
die koning toe geantwoord en
gesê: "Watter deel het ons aan
Dawid?[d] En daar is geen erfdeel
in die seun van Isai nie.[e] Elk-
een na jou gode,[f] o Israel! Sorg
nou vir jou eie huis, o Dawid."[g]
Daarop het die hele Israel na
hulle tente begin gaan.
**17** Wat die kinders van Israel
betref wat in die stede van Juda
gewoon het, Reha′beam het oor
hulle bly regeer.[h]
**18** Daarna het koning Reha′-
beam Hado′ram[i] gestuur, wat
oor dié was wat tot dwangar-
beid opgeroep is, maar die kin-
ders van Israel het hom met
klippe gegooi,[j] sodat hy gesterf
het. En koning Reha′beam het
dit reggekry om op sy stryd-
wa te klim om na Jerusalem te
vlug.[k] **19** En die Israeliete het
met hulle opstand[l] teen die huis
van Dawid volgehou tot vandag
toe.

**11** Toe Reha′beam in Jerusa-
lem aankom,[m] het hy on-
middellik die huis van Juda en
Benjamin[n] bymekaar laat kom,
honderd-en-tagtigduisend uit-
gesoekte weerbare manne,[o] om
teen Israel te veg ten einde die
koninkryk na Reha′beam terug
te bring. **2** Toe het die woord
van Jehovah tot Sema′ja,[p] die
man van die ware God, gekom
en gesê: **3** "Praat met Reha′-
beam, die seun van Salomo,
die koning van Juda,[q] en met
die hele Israel in Juda en Ben-
jamin en sê: **4** 'Só het Jeho-
vah gesê: "Julle mag nie op-
trek en teen julle broers veg
nie.[r] Keer terug, elkeen na sy
huis, want hierdie saak het van

HFST. 10
a 1Kn 12:7
b Spr 1:25, Spr 19:20, Pr 10:3, Jes 30:1
c Spr 13:20, Jes 3:4, 2Ti 4:3
d 1Kn 12:8
e 1Kn 22:6, Spr 21:30
f 1Kn 12:9
g 1Kn 12:10
h Job 31:13, Ps 140:11, Spr 10:14, Spr 18:6, Spr 28:25, Spr 29:23, Mt 23:4
i 1Sa 8:18, Jes 58:6
j 1Kn 12:11
k 1Kn 12:12
l 1Sa 20:10, Spr 10:11, Spr 12:13, Spr 14:16, Spr 15:1, Ef 4:31, Ef 6:9
m 1Kn 12:13, Job 12:12
n Spr 19:27
o 2Kr 22:4, Spr 12:5
p Spr 11:17, Pr 7:7
q De 2:30, Ps 5:10, Spr 21:1, Am 3:6
r 1Sa 15:29, 2Sa 17:14, 2Kn 10:10, Jes 55:11

Tweede kol.
a 1Kn 11:30
b 1Kn 11:29
c 1Kn 12:15
d 1Kn 11:13
e 2Sa 20:1
f Eks 20:3, De 13:5, 1Kn 12:16, Spr 11:9
g 1Kn 11:32
h 1Kn 11:36, 2Kr 11:1
i 2Sa 20:24, 1Kn 4:6, 1Kn 12:18
j Nu 14:10, 2Kr 24:21
k 1Kn 12:18
l 1Sa 10:19, 2Kn 17:21

HFST. 11
m 1Kn 12:21
n Ge 49:27, Rig 20:14, 2Kr 14:8
o Ps 33:16
p 2Kr 12:15
q 1Kn 12:23
r 2Sa 2:26, Han 7:26

mý gekom.”’”[a] Toe het hulle die
woord van Jehovah gehoorsaam
en teruggekeer sonder om teen
Jero′beam op te trek.[b]
5 En Reha′beam het in Je-
rusalem gewoon en versterk-
te stede in Juda gebou. 6 So
het hy Betlehem[c] en Etam[d] en
Teko′a[e] herbou, 7 en Bet-Sur[f]
en Sogo[g] en Adul′lam,[h] 8 en
Gat[i] en Mare′sa[j] en Sif,[k] 9 en
Adora′im en Lagis[l] en Ase′-
ka,[m] 10 en Sora[n] en A′jalon[o]
en Hebron,[p] versterkte stede
wat in Juda en Benjamin was.
11 Verder het hy die vestings
versterk[q] en leiers[r] daarin ge-
plaas en voorrade voedsel en
olie en wyn, 12 en in al die
verskillende stede groot skilde[s]
en lanse;[t] en hy het hulle in baie
groot mate versterk. En Juda
en Benjamin het syne gebly.
13 En die priesters en die Le-
viete wat in die hele Israel
was, het uit al hulle gebiede by
hom gestaan. 14 Want die Le-
viete het hulle weivelde[u] en hul-
le besitting[v] verlaat en toe na
Juda en Jerusalem gekom,[w] om-
dat Jero′beam[x] en sy seuns hul-
le ontslaan het[y] sodat hulle Je-
hovah nie meer as priesters
kon dien nie. 15 En hy het
vir hom priesters aangestel
vir die hoogtes[z] en vir die de-
mone in bokgedaantes[a] en vir
die kalwers wat hy gemaak
het.[b] 16 En ná hulle het uit al
die stamme van Israel dié wat
hulle hart gegee het om Jeho-
vah, die God van Israel, te soek,
na Jerusalem gekom[c] om aan Je-
hovah, die God van hulle voor-
vaders, offerandes te bring.[d]
17 En hulle het drie jaar lank
die koningskap van Juda ver-
sterk[e] en Reha′beam, die seun
van Salomo, bevestig, want hul-
le het drie jaar lank in die weg
van Dawid en Salomo gewan-
del.[f]

**HFST. 11**

a 1Kn 11:31; 2Kr 10:15
b 1Kn 12:24
c Ge 35:19; Mt 2:1
d 1Kr 4:3
e 2Sa 14:2; Am 1:1
f Jos 15:58
g 2Kr 28:18
h Jos 12:15; 1Sa 22:1
i 1Kr 18:1
j Jos 15:44
k 1Sa 23:14
l Jos 10:5; 2Kr 32:9
m Jos 10:10; Ne 11:30; Jer 34:7
n Jos 15:33
o Jos 19:42
p Ge 23:2; Jos 14:15; 2Sa 2:1
q Jes 22:10
r 2Kr 17:19
s 2Kr 32:5
t 2Kr 26:14
u Nu 35:3; Jos 21:21
v Nu 35:2
w Eks 32:26; De 33:8
x 1Kn 12:31
y De 12:19
z 1Kn 13:33
a Le 17:7; Jes 13:21
b 1Kn 12:28
c 2Kr 15:9; 2Kr 30:11
d De 12:11; 1Kr 22:1
e 2Kr 12:1
f 2Kr 1:1; 2Kr 7:17; 2Kr 8:13; Ho 6:4

**Tweede kol.**

a 1Sa 16:6; 1Sa 17:13
b 1Kn 15:2; 2Kr 11:21
c 2Sa 13:1; 2Sa 18:33
d 1Kn 15:1; 2Kr 12:16; Mt 1:7
e De 17:17; Rig 8:30; 1Kn 11:3
f Spr 16:20
g Jos 18:11
h 2Kr 11:11
i 2Kr 21:3
j De 17:17

**HFST. 12**

k 2Kr 11:17
l De 8:14; De 32:15; 2Kr 26:16; Spr 30:9
m Pr 9:18; Mi 6:16
n 1Kn 14:21

18 Toe het Reha′beam Ma′-
halat, die dogter van Je′rimot,
die seun van Dawid, en van Abi′-
hail, die dogter van Eli′ab,[a] die
seun van Isai, as vrou geneem.
19 Met verloop van tyd het sy
vir hom seuns gebaar, Jeüs en
Semar′ja en Saham. 20 En ná
haar het hy Ma′äga,[b] die klein-
dogter van Absalom,[c] geneem.
Met verloop van tyd het sy vir
hom Abi′a[d] en Attai en Sisa en
Se′lomit gebaar. 21 En Reha′-
beam het Ma′äga, die kleindog-
ter van Absalom, liewer gehad
as al sy ander vrouens[e] en sy
byvrouens; want hy het agtien
vrouens geneem, ook sestig by-
vrouens, sodat hy die vader van
agt-en-twintig seuns en sestig
dogters geword het. 22 Ge-
volglik het Reha′beam Abi′a,
die seun van Ma′äga, as hoof
aangestel, as leier onder sy
broers, want hy het daaraan ge-
dink om hom koning te maak.
23 Hy het egter verstandig ge-
handel[f] en van al sy seuns ver-
sprei in al die landstreke van
Juda en van Benjamin,[g] in al die
versterkte stede,[h] en aan hul-
le voedsel in oorvloed gegee[i] en
vir hulle ’n menigte vrouens ge-
kry.[j]

**12** En net toe die koning-
skap van Reha′beam ste-
wig gevestig was[k] en net toe
hy sterk was, het hy die wet
van Jehovah verlaat,[l] en ook
die hele Israel[m] saam met hom.
2 En in die vyfde jaar van ko-
ning Reha′beam[n] het Sisak,[o]
die koning van Egipte, teen
Jerusalem opgetrek (want hul-
le het hulle ontrou teenoor Je-
hovah gedra),[p] 3 met twaalf-
honderd strydwaens[q] en met
sestigduisend ruiters; en die
manskappe wat saam met hom

o 1Kn 11:40; 1Kn 14:25; p Rig 2:14; 2Kr 7:19; q Eks 14:9; 1Kn 10:29.

uit Egipte gekom het, was on-
telbaar[a]—Libiërs,[b] Sukkiete en
Etiopiërs.[c] **4** En hy het die
versterkte stede ingeneem wat
aan Juda behoort het[d] en einde-
lik tot by Jerusalem gekom.[e]
**5** En wat die profeet Sema′-
ja[f] betref, hy het na Reha′beam
en die vorste van Juda gekom,
wat weens Sisak in Jerusalem
bymekaargekom het, en vir hul-
le gesê: "Só het Jehovah gesê:
'Wat julle betref, julle het my
verlaat,[g] en wat my betref, ek
het julle ook aan die hand van
Sisak oorgelaat.'"[h] **6** Daarop
het die vorste van Israel en die
koning hulle verneder[i] en gesê:
"Jehovah is regverdig."[j] **7** En
toe Jehovah sien[k] dat hulle hul-
le verneder het, het die woord
van Jehovah tot Sema′ja[l] ge-
kom en gesê: "Hulle het hulle
verneder.[m] Ek sal hulle nie ver-
delg nie, en oor 'n klein ruk-
kie sal ek beslis aan hulle ontko-
ming verskaf, en my woede
sal nie deur die hand van Sisak[n]
oor Jerusalem uitgestort word
nie. **8** Maar hulle sal sy kneg-
te word,[o] sodat hulle die verskil
tussen my diens[p] en die diens
van die koninkryke van die lan-
de[q] kan ken."
**9** En Sisak,[r] die koning van
Egipte, het teen Jerusalem op-
getrek en die skatte van die
huis van Jehovah[s] en die skatte
van die koning se huis[t] geneem.
Hy het alles geneem; en hy het
ook die goue skilde geneem wat
Salomo gemaak het.[u] **10** Ge-
volglik het koning Reha′beam
koperskilde in die plek daar-
van gemaak, en hy het dit aan
die toesig van die hoofde van
die hardlopers[v] toevertrou, die
wagte[w] van die ingang van die
koning se huis.[x] **11** En elke
keer as die koning na die huis
van Jehovah gegaan het, het die
hardlopers ingekom en dit ge-
dra en dit na die wagkamer van
die hardlopers teruggebring.[a]
**12** En omdat hy hom verneder
het, het Jehovah se toorn van
hom gewyk,[b] en hy het nie daar-
aan gedink om hulle heeltemal
te verdelg nie.[c] En daar was bo-
wendien goeie dinge in Juda.[d]
**13** En koning Reha′beam het
sy posisie in Jerusalem voort-
durend versterk en het bly re-
geer; want Reha′beam[e] was een-
en-veertig jaar oud toe hy begin
regeer het, en hy het sewen-
tien jaar regeer in Jerusalem,
die stad[f] wat Jehovah uit al die
stamme van Israel gekies het
om sy naam daar te vestig.[g] En
sy moeder se naam was Naä-
ma,[h] die Ammonitiese vrou.[i]
**14** Maar hy het gedoen wat sleg
was,[j] want hy het nie sy hart on-
wrikbaar daarop gerig om Jeho-
vah te soek nie.[k]
**15** Wat Reha′beam se aange-
leenthede betref, die eerstes en
die laastes,[l] is dit nie opgeteken
onder die woorde van die pro-
feet Sema′ja[m] en van die siener
Iddo[n] volgens die geslagsregis-
ter nie? En daar was die hele
tyd oorloë tussen Reha′beam[o]
en Jero′beam.[p] **16** Uiteindelik
het Reha′beam met sy voorva-
ders ontslaap,[q] en hy is in die
Stad van Dawid[r] begrawe; en sy
seun Abi′a[s] het in sy plek begin
regeer.

**13** In die agtiende jaar van
koning Jero′beam het
Abi′a oor Juda begin regeer.[t]
**2** Hy het drie jaar in Jerusalem
regeer, en sy moeder se naam
was Miga′ja,[u] die dogter van
U′riël uit Gi′bea.[v] En daar was
oorlog tussen Abi′a en Jero′-
beam.[w]
**3** En Abi′a het die oorlog be-
gin met 'n krygsmag van vier-

HFST. 12
a Rig 6:5
b Na 3:9
c 2Kr 14:9; 2Kr 16:8
d 2Kr 11:5; Jes 36:1
e 2Kn 18:17
f 1Kn 12:22; 2Kr 11:2
g De 28:15; 2Kr 15:2
h Job 34:11; Heb 10:38
i 1Kn 8:38; 2Kr 33:12; 2Kr 34:27; Jak 4:10
j Eks 9:27; Ps 89:14; Jer 50:7
k 1Kn 21:29; 1Pe 5:5
l 1Kn 12:22
m Le 26:41; Am 7:6
n 2Kr 12:2
o Jes 26:13
p De 28:47
q Ho 2:7; Ho 8:10
r 1Kn 14:25
s 1Kn 7:51
t 1Kn 14:26; 2Kn 14:14
u 1Kn 10:17
v 1Sa 22:17
w 2Sa 23:23
x 1Kn 14:27

Tweede kol.
a 1Kn 14:28
b 2Kr 33:12; Jes 57:15
c Klg 3:22
d Ge 18:24; 1Kn 14:13; 2Kr 19:3
e 1Kn 14:21
f De 12:5; 2Kr 6:6; Ps 48:2; Ps 78:68
g Eks 20:24; De 12:11
h 1Kn 14:21
i De 23:3; 1Kn 11:1; Ne 13:26
j 1Kn 15:34
k De 5:29; 1Sa 7:3; 1Kn 18:21; Mr 12:30; Ro 12:9; Jak 5:8
l 1Kr 29:29
m 1Kn 12:22; 2Kr 11:2
n 2Kr 9:29; 2Kr 13:22
o 1Kn 14:30
p 1Kn 12:20
q 1Kn 14:31
r 2Sa 5:9
s Mt 1:7

HFST. 13
t 1Kn 15:1

u 1Kn 15:2; 2Kr 11:20; v Jos 18:28; 1Sa 10:26; w 1Kn 15:6.

honderdduisend sterk krygs-
manne,[a] uitgesoekte manne.
En Jero′beam het hom in slag-
orde teen hom opgestel met
agthonderdduisend uitgesoek-
te manne, dapper, sterk man-
ne.[b] 4 Abi′a het toe op die
berg Semara′im gaan staan, wat
in die bergstreek van E′fraim[c]
is, en gesê: “Luister na my, o
Jero′beam en die hele Israel.
5 Behoort julle nie te weet dat
Jehovah, die God van Israel, aan
Dawid ’n koninkryk oor Israel
tot onbepaalde tyd[d] gegee het[e]
nie, aan hom en aan sy seuns,[f]
deur ’n soutverbond?[g] 6 En
Jero′beam,[h] die seun van Ne-
bat, die kneg[i] van Salomo, die
seun van Dawid, het opgestaan
en teen sy heer[j] in opstand ge-
kom.[k] 7 En leeglêers,[l] deug-
niete,[m] het by hom bly byme-
kaarkom. Uiteindelik het hulle
die oorhand gekry oor Reha′be-
am, die seun van Salomo, toe
Reha′beam[n] nog jonk en flou-
hartig was,[o] en hy was nie opge-
wasse teen hulle nie.

8 “En nou dink julle dat jul-
le opgewasse is teen die konink-
ryk van Jehovah in die hand
van die seuns van Dawid,[p] om-
dat julle ’n groot menigte is[q] en
die goue kalwers by julle is wat
Jero′beam vir julle as gode ge-
maak het.[r] 9 Het julle nie Je-
hovah se priesters,[s] die seuns
van Aäron, en die Leviete ver-
dryf nie, en hou julle nie aan om
vir julle priesters te maak soos
die volke van die lande nie?[t]
Elkeen wat gekom en sy hand
deur middel van ’n jong bul en
sewe ramme met mag gevul het,
dié het ’n priester geword van
wat geen gode is nie.[u] 10 Wat
ons betref, Jehovah is ons God,[v]
en ons het hom nie verlaat
nie; maar priesters, die seuns
van Aäron, dien Jehovah, en so
ook die Leviete in die werk.[w]

HFST. 13
a 2Kr 11:1
b Ps 33:16
c Jos 17:15
d 2Sa 7:13
1Kr 17:14
e Ge 49:10
2Sa 7:8
Ps 78:71
f 1Kr 17:11
Ps 89:29
Lu 1:32
g Nu 18:19
Ps 89:28
h 2Kr 10:2
i 1Kn 11:26
j 1Kn 11:27
k 1Kn 12:20
2Kr 10:18
l Rig 9:4
Han 17:5
m De 13:13
1Kn 21:10
n 2Kr 10:16
o De 20:8
p 2Kr 9:8
q Ps 33:16
r De 32:17
1Kn 12:28
2Kr 11:15
Ho 8:5
s 2Kr 11:14
t 1Kn 12:31
1Kn 12:33
1Kn 13:33
u De 32:17
2Kn 19:18
Han 19:26
v Eks 19:5
2Kr 11:16
w Nu 16:40

Tweede kol.
a Eks 29:39
b Eks 30:1
2Kr 2:4
c Eks 25:30
Le 24:6
1Kr 23:29
Mt 12:4
d Eks 25:31
Eks 27:20
2Kr 4:7
e Le 24:2
f Ge 26:5
Nu 9:19
De 11:1
g De 28:15
Ps 73:27
h Nu 23:21
De 20:4
Ps 20:7
Ro 8:31
i Jos 6:4
j Nu 10:9
k Jes 45:9
Han 5:39
l Job 40:9
Jes 40:15
Heb 10:31
m Jos 8:4
n Jos 8:20
o 2Kr 14:11
2Kr 18:31
Ps 46:1
Ps 50:15
Ps 118:12
p Jos 6:16
Rig 7:18
q 2Kr 13:1
r Nu 32:4
2Kr 14:12

11 En oggend na oggend en
aand na aand laat hulle brandof-
fers vir Jehovah rook,[a] en ook
welriekende reukwerk;[b] en die
stapels brood is op die tafel van
suiwer goud,[c] en daar is die
goue lampstaander[d] en sy lam-
pe wat aand na aand opgesteek
moet word;[e] want ons kom die
verpligting[f] teenoor Jehovah
ons God na, maar julle het hom
verlaat.[g] 12 En kyk! by ons is
die ware God aan die hoof[h] met
sy priesters[i] en die alarmtrom-
pette[j] om die gevegsalarm teen
julle te blaas. O kinders van Is-
rael, moenie teen Jehovah, die
God van julle voorvaders, veg
nie,[k] want julle sal nie sukses-
vol wees nie.”[l]

13 En wat Jero′beam betref,
hy het ’n hinderlaag laat om-
trek om agter hulle te kom, so-
dat hulle voor Juda was en
die hinderlaag agter hulle.[m]
14 Toe dié van Juda omdraai,
kyk, toe was die geveg voor en
agter hulle.[n] En hulle het tot
Jehovah begin roep,[o] terwyl die
priesters hard op die trompet-
te geblaas het. 15 En die man-
ne van Juda het ’n oorlogskreet
aangehef.[p] En toe die manne
van Juda ’n oorlogskreet aan-
hef, het die ware God Jero′beam
en die hele Israel voor Abi′a[q] en
Juda verslaan.[r] 16 En die kin-
ders van Israel het voor Juda
gevlug, en toe het God hul-
le in hulle hand gegee.[s] 17 En
Abi′a en sy manskappe het hulle
met ’n groot slagting verslaan;
en van Israel het vyfhonderd-
duisend uitgesoekte manne as
gesneuweldes geval. 18 So is
die kinders van Israel in dié tyd
verneder, maar die kinders van
Juda het die oorhand gekry om-
dat hulle op Jehovah, die God
van hulle voorvaders, gesteun

s Rig 1:4.

het.[a] **19** En Abi′a het Jero′be-
am agternagesit en stede van
hom ingeneem: Bet-El[b] en sy af-
hanklike dorpe en Jesa′na en sy
afhanklike dorpe en E′frain en
sy afhanklike dorpe.[c] **20** En
Jero′beam het geen krag meer
behou[d] in die dae van Abi′a nie;
maar Jehovah het hom getref,[e]
sodat hy gesterf het.

**21** En Abi′a het hom bly ver-
sterk.[f] Met verloop van tyd het
hy vir hom veertien vrouens ge-
neem[g] en die vader van twee-
en-twintig seuns[h] en sestien
dogters geword. **22** En die res
van Abi′a se aangeleenthede, ja,
sy weë en sy woorde, is opgete-
ken in die uiteensetting van die
profeet Iddo.[i]

**14** Uiteindelik het Abi′a met
sy voorvaders ontslaap,[j]
en hulle het hom in die Stad
van Dawid[k] begrawe; en sy
seun Asa[l] het in sy plek begin
regeer. In sy dae het die land
tien jaar lank rus gehad.[m]

**2** En Asa het gedoen wat
goed en reg was in die oë van Je-
hovah sy God. **3** En hy het die
vreemde altare[n] en die hoogtes[o]
verwyder en die heilige pilare
stukkend gebreek[p] en die heili-
ge pale afgekap.[q] **4** Verder
het hy vir Juda gesê dat hul-
le Jehovah, die God van hulle
voorvaders, moet soek[r] en die
wet[s] en die gebod[t] moet uitvoer.
**5** En hy het die hoogtes en die
reukwerkstaanders[u] uit al die
stede van Juda verwyder; en die
koninkryk het voor hom rus ge-
had.[v] **6** En hy het versterkte
stede in Juda gebou,[w] want die
land het rus gehad; en in hier-
die jare was daar geen oorlog
teen hom nie, want Jehovah het
hom rus gegee.[x] **7** Toe het hy
vir Juda gesê: "Laat ons hier-
die stede bou en mure[y] rondom
maak, en torings,[z] dubbele deu-
re en grendels.[a] Vir ons is die
land nog beskikbaar, omdat ons
Jehovah ons God gesoek het.[b]
Ons het gesoek, en hy gee ons
aan alle kante rus."[c] En hulle
het gebou en was suksesvol.[d]

**8** En Asa het 'n krygsmag
gehad wat die groot skild[e] en
lans[f] dra, driehonderdduisend
uit Juda.[g] En uit Benjamin was
dié wat die klein skild dra en
die boog span[h] tweehonderd-
en-tagtigduisend.[i] Hulle almal
was dapper, sterk manne.

**9** Later het Serag, die Etio-
piër,[j] met 'n krygsmag van 'n
miljoen man[k] en driehonderd
strydwaens teen hulle uitge-
trek en tot by Mare′sa[l] gekom.
**10** Toe het Asa teen hom uitge-
trek, en hulle het hulle in die
Sefa′tavallei by Mare′sa in slag-
orde opgestel. **11** En Asa het
Jehovah sy God begin aanroep[m]
en gesê: "O Jehovah, wanneer
dit by hulp kom, maak dit nie
vir u saak of daar baie is of dié
wat geen krag het nie.[n] Help
ons, o Jehovah ons God, want
op u steun ons,[o] en in u naam[p]
het ons teen hierdie menigte ge-
kom. O Jehovah, u is ons God.[q]
Moenie die sterflike mens krag
teen u laat behou nie."[r]

**12** Daarop het Jehovah die
Etiopiërs voor Asa en voor
Juda verslaan,[s] en die Etiopiërs
het gevlug. **13** En Asa en die
manskappe wat by hom was, het
hulle tot by Gerar[t] agtervolg,
en die Etiopiërs het bly val tot-
dat niemand van hulle meer ge-
lewe het nie; want hulle is voor
Jehovah[u] en voor sy kamp[v] ver-
pletter. Daarna het hulle 'n baie
groot hoeveelheid buit wegge-

**HFST. 13**

a 2Kn 18:5; 1Kr 5:20; 2Kr 16:8; Ps 22:5; Ps 37:5; Ps 146:5; Na 1:7; 1Ti 4:10
b Jos 12:9; Rig 21:19; 1Sa 13:2; 1Kn 12:29
c Joh 11:54
d Ps 18:38
e 1Sa 25:38; 2Sa 12:15; 1Kn 14:20; Han 12:23
f 2Sa 5:12
g De 17:17; 2Sa 5:13; 1Kn 11:3
h Ps 127:5
i 2Kr 9:29; 2Kr 12:15

**HFST. 14**

j Ps 49:9; Ro 5:14
k 2Sa 5:9; 1Kn 2:10; 1Kn 14:31
l 1Kr 3:10
m 2Kr 20:30; Spr 29:2
n De 7:5
o Le 26:30; 1Kn 11:7; 1Kn 14:23
p Eks 23:24; Nu 33:52; 2Kn 23:14
q Rig 6:25; 2Kn 18:4; 2Kn 23:6
r 2Kr 30:19; Jes 55:6; Am 5:4; Sef 2:3; Mt 7:7
s Ne 10:29
t Ps 119:10
u 2Kr 34:4
v 2Kn 11:20
w 2Kr 8:2; 2Kr 11:5
x Jos 23:1; 2Kr 15:15; Ps 46:9; Spr 16:7
y 2Kr 11:5
z 2Kr 32:5

**Tweede kol.**

a De 3:5; Rig 16:3; 1Sa 23:7
b 1Kr 16:11; Ps 105:3
c 1Kn 5:4
d Ps 127:1; Mal 3:10; Han 9:31
e 1Sa 17:41
f 2Kr 11:12
g 2Kr 11:1; 2Kr 13:3
h 2Kr 26:14
i Ps 68:27; Jes 60:22

j 2Kn 19:9; Han 8:27; k 2Kr 16:8; l Jos 15:44; Mi 1:15; m Eks 14:10; 1Kr 5:20; 2Kr 32:20; Ps 22:5; Flp 4:6; n Rig 7:7; 1Sa 14:6; Am 5:9; 1Ko 1:27; 2Ko 12:9; o 2Kr 32:8; Ps 37:5; Ps 55:22; p 1Sa 17:45; 2Kr 13:12; Ps 20:5; Spr 18:10; q De 32:3; Mr 12:29; r Jos 7:9; 1Sa 2:9; Ps 9:19; Mt 6:9; s De 28:7; t Ge 20:1; u Ps 68:21; v 1Kr 12:22.

dra.[a] **14** Verder het hulle al
die stede rondom Gerar getref,
want die vrees[b] vir Jehovah het
oor hulle gekom; en hulle het al
die stede geplunder, want daar
was baie daarin om te plunder.[c]
**15** En hulle het selfs die tente[d]
met vee getref sodat hulle baie
kleinvee en kamele[e] weggevoer
het,[f] waarna hulle na Jerusalem
teruggekeer het.

**15** En wat Asar′ja, die seun
van Oded,[g] betref, die
gees[h] van God het oor hom ge-
kom. **2** Gevolglik het hy uit-
gegaan tot voor Asa en vir hom
gesê: "Luister na my, o Asa en
die hele Juda en Benjamin! Je-
hovah is met julle solank jul-
le met hom is;[i] en as julle hom
soek,[j] sal hy hom deur julle laat
vind, maar as julle hom verlaat,
sal hy julle verlaat.[k] **3** En Is-
rael[l] was baie dae sonder 'n
ware God en sonder 'n pries-
ter wat onderrig gee[m] en sonder
Wet. **4** Maar wanneer hulle
in hulle benoudheid[n] tot Jeho-
vah, die God van Israel, te-
ruggekeer[o] en hom gesoek het,
dan het hy hom deur hulle laat
vind.[p] **5** En in dié tye was
daar geen vrede vir een wat uit-
gegaan of vir een wat ingekom
het nie,[q] want daar was baie op-
roere onder al die inwoners van
die lande.[r] **6** En hulle is ver-
brysel, nasie teen nasie[s] en stad
teen stad, omdat God hulle met
elke soort benoudheid in ver-
warring gehou het.[t] **7** En jul-
le, wees moedig[u] en moenie jul-
le hande slap laat word nie,[v]
want daar is 'n beloning vir jul-
le werk."[w]

**8** En net toe Asa hierdie
woorde en die profesie van
die profeet Oded[x] hoor, het hy
moed geskep en die walglike
dinge[y] laat verdwyn uit die hele
land van Juda en Benjamin en
uit die stede wat hy in die berg-
streek van E′fraim[a] ingeneem
het, en hy het Jehovah se altaar
herstel wat voor die portaal van
Jehovah was.[b] **9** En hy het die
hele Juda en Benjamin[c] en die
inwonende vreemdelinge[d] by
hulle uit E′fraim en Manas′se en
Si′meon begin bymekaarbring,
want hulle het in groot getalle
uit Israel na hom oorgeloop toe
hulle sien dat Jehovah sy God
met hom was.[e] **10** En hulle is
in die derde maand van die vyf-
tiende regeringsjaar van Asa
in Jerusalem bymekaargebring.
**11** Toe het hulle op dié dag uit
die buit wat hulle saamgebring
het, aan Jehovah offerandes ge-
bring, sewehonderd beeste en
seweduisend skape. **12** Daar-
benewens het hulle 'n verbond
aangegaan[f] dat hulle Jehovah,
die God van hulle voorvaders,
met hulle hele hart en met hul-
le hele siel sal soek;[g] **13** dat
elkeen wat Jehovah, die God
van Israel, nie soek nie, doodge-
maak moet word,[h] hetsy klein
of groot,[i] hetsy man of vrou.[j]
**14** Toe het hulle vir Jehovah ge-
sweer[k] met 'n harde stem en
met gejuig en met die trompet-
te en met horings. **15** En die
hele Juda was bly[l] oor wat ge-
sweer is; want met hulle hele
hart het hulle gesweer en met
alle welbehae het hulle hom ge-
soek, sodat hy hom deur hulle
laat vind het;[m] en Jehovah het
hulle aan alle kante rus bly
gee.[n]

**16** Selfs sy grootmoeder Ma′ä-
ga[o] het koning Asa[p] uit haar
posisie as dame verwyder,[q] om-
dat sy 'n afstootlike afgod vir
die heilige paal gemaak het;[r] en
toe het Asa haar afstootlike af-
god omgekap[s] en dit vermorsel

**HFST. 14**

a 1Kr 20:2; Spr 13:22
b Ge 35:5; Eks 15:16; De 11:25; Jos 5:1; 2Kr 17:10
c 2Kr 20:25; Ps 68:12
d 1Kr 4:41
e 1Kr 5:21
f Nu 31:9; Nu 31:30

**HFST. 15**

g 2Kr 15:8
h Nu 24:2; 2Sa 23:2
i Mal 3:7; Jak 4:8
j Jes 55:6; Jer 29:13
k 1Kr 28:9; 2Kr 24:20; Heb 10:38
l 1Kn 12:28
m De 33:10; 2Kr 17:9; Ne 8:9; Mal 2:7
n De 4:30; Ps 106:44; Ro 2:9
o Rig 10:10; Ho 6:1
p Jes 55:7; Mt 7:7
q Rig 5:6
r 1Sa 13:6
s Rig 9:23; 2Kr 12:15
t De 28:48; Rig 2:14; Ps 106:41; Ho 9:3
u Jos 1:9; 1Kr 28:20
v Pr 10:18; Heb 12:12
w Rut 2:12; Kol 3:24; Heb 11:6
x 2Kr 15:1
y De 27:15; 2Kn 23:24

**Tweede kol.**

a Jos 17:15
b 2Kr 8:12
c 2Kr 11:16
d 2Kr 30:25
e Ge 39:3; 1Sa 18:28; Sag 8:23; Han 7:9
f 2Kn 23:3; 2Kr 34:31; Ne 10:29
g De 4:29; Jer 29:13
h Eks 22:20; De 17:3
i De 1:17
j Spr 24:23
k Pr 5:5; Mt 5:33
l Ps 5:11; Ps 40:16
m 2Kr 15:2
n Spr 16:7; o 1Kn 15:10; p De 13:6; De 33:9; Sag 13:3; q 1Kn 15:13; 2Kr 19:7; r Eks 34:17; s De 7:5; 1Kn 15:13.

en in die Kidronstroomvallei[a] verbrand.[b] **17** En die hoogtes[c] het nie uit Israel verdwyn nie.[d] Maar Asa se hart was al sy dae volkome.[e] **18** En hy het die dinge wat sy vader geheilig het en die dinge[f] wat hý geheilig het, in die huis van die ware God ingebring, silwer en goud en voorwerpe.[g] **19** En daar was geen oorlog tot die vyf-en-dertigste regeringsjaar van Asa nie.[h]

**16** In die ses-en-dertigste regeringsjaar van Asa het Baäsa,[i] die koning van Israel, teen Juda opgetrek en Rama[j] begin bou, om niemand te laat uitgaan of inkom na Asa, die koning van Juda, nie.[k] **2** Asa het toe silwer en goud uit die skatte van Jehovah se huis[l] en die koning se huis[m] gebring en het na Ben-Hadad,[n] die koning van Sirië,[o] wat in Damaskus[p] gewoon het, gestuur en gesê: **3** "Daar is 'n verbond tussen my en u en tussen my vader en u vader. Kyk, ek stuur vir u silwer en goud. Gaan, verbreek u verbond met Baäsa,[q] die koning van Israel, sodat hy van my af kan wegtrek."[r]

**4** Toe het Ben-Hadad na koning Asa geluister en die hoofde van sy krygsmag teen die stede van Israel gestuur, sodat hulle Ijon[s] en Dan[t] en A'bel-Ma'im[u] en al die opslagplekke[v] van die stede van Naf'tali[w] verslaan het. **5** En toe Baäsa daarvan hoor, het hy onmiddellik opgehou om Rama te bou en sy werk gestaak.[x] **6** Wat koning Asa betref, hy het die hele Juda geneem,[y] en hulle het die klippe van Rama[z] en die balke daarvan, waarmee Baäsa gebou het,[a] weggedra, en hy het daarmee Geba[b] en Mispa[c] begin bou.

**7** En in dié tyd het die siener Hana'ni[a] na Asa, die koning van Juda, gekom en toe vir hom gesê: "Omdat u op die koning van Sirië gesteun het[b] en nie op Jehovah u God gesteun het nie,[c] daarom het die krygsmag van die koning van Sirië uit u hand ontkom. **8** Was die Etiopiërs[d] en die Libiërs[e] nie 'n baie groot krygsmag wat getalle, strydwaens en ruiters betref nie;[f] en het Jehovah hulle nie in u hand gegee omdat u op hom gesteun het nie?[g] **9** Want Jehovah se oë[h] deurloop die hele aarde[i] om sy krag te toon ten behoewe van dié wie se hart[j] volkome teenoor hom is. Hierin het u dwaas opgetree,[k] want van nou af sal daar oorloë teen u wees."[l]

**10** Maar Asa het hom vir die siener vererg en hom in die blokgevangenis gesit,[m] omdat hy hieroor vir hom woedend was.[n] En Asa het in dieselfde tyd ander onder die volk begin verdruk.[o] **11** En kyk! die aangeleenthede van Asa, die eerstes en die laastes, dit is opgeteken in die Boek[p] van die konings van Juda en van Israel.

**12** En Asa het in sy nege-en-dertigste regeringsjaar 'n siekte aan sy voete opgedoen, totdat hy baie siek was;[q] en selfs in sy siekte het hy Jehovah nie gesoek nie,[r] maar die genesers.[s] **13** Uiteindelik het Asa met sy voorvaders ontslaap[t] en gesterf in die een-en-veertigste jaar van sy regering. **14** En hulle het hom begrawe in sy luisterryke graf[u] wat hy vir hom in die Stad van Dawid[v] gegrawe het; en hulle het hom neergelê op die bed wat vol balsemolie[w] was,

**HFST. 15**
a 2Sa 15:23
b Eks 32:20
c 1Kn 14:23; 2Kn 14:4; 2Kn 23:20; Ese 6:3; Ese 16:16
d 1Kn 15:14; 1Kn 22:43
e 1Kn 8:61
f 1Kn 7:51; 1Kr 26:26
g 1Kn 15:15
h 2Kr 14:1

**HFST. 16**
i 1Kn 15:27
j Jos 18:25; Esr 2:26; Jes 10:29
k 1Kn 15:17
l 1Kn 7:51
m 2Kn 16:8
n 1Kn 15:18
o 1Kn 20:1; 2Kn 8:7; 2Kn 12:18
p Jes 7:8
q 1Kn 15:27
r 1Kn 15:19
s 2Kn 15:29
t Ge 14:14; Rig 18:29; Rig 20:1
u 2Sa 20:14
v 1Kn 9:19
w Jos 19:32
x 1Kn 15:21
y 1Kn 15:22
z Jos 18:25; Esr 2:26
a 1Kn 15:17
b Jos 18:24; 1Kr 6:60; Jes 10:29; Sag 14:10
c Jos 18:26; Rig 20:1; 1Sa 7:5; Jer 40:6

**Tweede kol.**
a 1Kn 16:1; 2Kr 19:2; 2Kr 20:34
b Ps 146:3; Jes 31:1; Jer 17:5
c 2Kn 18:5; Heb 12:1
d 2Kr 14:9
e 2Kr 12:3
f 2Kr 14:9
g 2Kr 14:11; Ps 9:10; Ps 37:40
h Job 34:21; Spr 5:21; Jer 16:17; Heb 4:13; 1Pe 3:12
i Sag 4:10
j 1Kn 8:61
k 1Sa 13:13
l 1Kn 15:32
m 2Kr 18:26; Pr 8:4

n Ps 37:8; Ps 141:5; Spr 29:22; Ga 5:20; o Pr 7:7; p 1Kn 15:23; q Jes 38:1; r De 32:39; 2Kn 20:8; Ps 103:3; s Jer 17:5; t 1Kn 15:24; u 2Kr 32:33; v 2Sa 5:7; w 2Kn 20:13.

en verskillende soorte salf[a] wat
tot ’n spesiale salf gemeng was.[b]
Verder het hulle ’n buitenge-
wone groot begrafnisvuur[c] vir
hom aangesteek.

17 En sy seun Jo′safat[d] het
in sy plek begin regeer en
sy posisie oor Israel versterk.
2 En hy het ’n krygsmag in
al die versterkte stede van
Juda opgestel en garnisoene
in die land van Juda geplaas
en in die stede van E′fraim wat
sy vader Asa ingeneem het.[e]
3 En Jehovah was voortdurend
met Jo′safat,[f] omdat hy in die
vroeëre weë van sy voorva-
der Dawid[g] gewandel het en
nie die Baäls gesoek het nie.[h]
4 Want hy het die God van
sy vader gesoek[i] en in sy ge-
bod gewandel,[j] en nie volgens
die dade van Israel nie.[k] 5 En
Jehovah het die koninkryk ste-
wig gevestig in sy hand;[l] en die
hele Juda het aan Jo′safat ge-
skenke bly gee,[m] en hy het ryk-
dom en heerlikheid in oorvloed
gehad.[n] 6 En sy hart het moe-
dig geword in die weë[o] van Je-
hovah, en hy het selfs die hoog-
tes[p] en die heilige pale[q] uit Juda
verwyder.

7 En in die derde jaar van
sy regering het hy sy vors-
te laat roep, naamlik Ben-Hail
en Obad′ja en Sagari′a en Ne-
ta′nel en Miga′ja, om in die ste-
de van Juda onderrig te gee,
8 en saam met hulle die Levie-
te, Sema′ja en Netan′ja en Se-
bad′ja en A′sahel en Semi′ra-
mot en Jo′natan en Ado′nia en
Tobi′a en Tob-Ado′nia, die Le-
viete, en saam met hulle die
priesters[r] Elisa′ma en Joram.
9 En hulle het in Juda onderrig
begin gee[s] en het die boek van
Jehovah se wet[t] by hulle gehad;
en hulle het in al die stede van
Juda bly rondgaan en onder die
volk onderrig gegee.

10 En die vrees[a] vir Jehovah
het gekom oor al die konink-
ryke van die lande wat rondom
Juda was, en hulle het nie teen
Jo′safat geveg nie.[b] 11 En van
die Filistyne af het hulle vir
Jo′safat geskenke[c] en geld as
skatting gebring.[d] Ook die Ara-
biere[e] het vir hom kleinvee
gebring, seweduisend-sewehon-
derd ramme en seweduisend-se-
wehonderd bokramme.[f]

12 En Jo′safat het bly voor-
uitgaan en uitermate groot ge-
word;[g] en hy het vestings[h] en
voorraadstede[i] in Juda gebou.
13 En baie belange het syne ge-
word in die stede van Juda;
en krygsmanne,[j] dapper, sterk
manne,[k] was in Jerusalem.
14 En dít was hulle ampte vol-
gens die huis van hulle voorva-
ders: Van Juda die hoofde oor
duisend: die hoof Adnag, en
saam met hom was daar drie-
honderdduisend dapper, sterk
manne.[l] 15 En onder sy lei-
ding was die hoof Jo′hanan,
en saam met hom was daar
tweehonderd-en-tagtigduisend.
16 En onder sy leiding was
Amas′ja, die seun van Sigri, wat
hom vrywillig vir Jehovah aan-
gebied het,[m] en saam met hom
was daar tweehonderdduisend
dapper, sterk manne. 17 En
uit Benjamin[n] was die dapper,
sterk man El′jada, en saam
met hom was daar tweehon-
derdduisend man, toegerus met
die boog en skild.[o] 18 En on-
der sy leiding was Jo′sabad,
en saam met hom was daar
honderd-en-tagtigduisend man,
toegerus vir die leër. 19 Hul-
le het die koning gedien, afge-
sien van dié wat die koning in
die versterkte stede[p] deur die
hele Juda geplaas het.

**HFST. 16**
a Lu 23:56; Joh 12:7
b Mr 16:1; Joh 19:40
c Jer 34:5

**HFST. 17**
d 1Kn 15:24; 1Kn 22:41
e 2Kr 15:8
f Jos 1:5; 1Kr 22:18; Ps 46:7; Ro 8:31
g 2Sa 8:15; 1Kn 11:6; 1Kn 15:3
h 1Ko 10:14
i De 4:29; 2Kr 26:5
j Lu 1:6
k 1Kn 12:28; 1Kn 13:33
l 1Kn 9:5; Ps 132:12
m 1Sa 10:27; 1Kn 10:25
n 1Kn 10:27; 2Kr 18:1
o Ps 18:21; Ps 119:1; Ho 14:9; Joh 2:15; Han 4:31
p 1Kn 22:43; 2Kr 20:33
q De 7:5
r De 33:10; Mal 2:7
s Le 10:11; Ne 8:7
t De 31:11; Jos 1:8; 2Ti 3:16

**Tweede kol.**
a Ge 35:5; De 11:25
b Spr 16:7
c 2Kr 17:5
d 2Sa 8:2
e 2Kr 9:14
f 2Kn 3:4
g 2Kr 18:1
h 2Kr 14:6
i 1Kn 9:19; 2Kr 8:4
j 1Kn 9:22
k 2Kr 26:12
l 2Kr 13:3; 2Kr 14:8
m Rig 5:2; Rig 5:9; Ps 110:3
n Ge 49:27
o 2Sa 1:21; 2Kr 14:8
p 2Kr 11:12; 2Kr 11:23

**18** En Jo′safat het rykdom
en heerlikheid in oor-
vloed gehad;[a] maar hy het ’n hu-
weliksverbintenis[b] met Agab[c]
aangegaan. **2** Daarom het hy
jare later na Agab in Sama-
ri′a afgegaan;[d] en Agab het vir
hom en vir die manskappe wat
by hom was, skape[e] en beeste in
oorvloed geslag. En hy het hom
begin oorhaal[f] om teen Ra′-
mot-Gi′lead[g] op te trek. **3** En
Agab, die koning van Israel, het
vir Jo′safat, die koning van Ju-
da, gesê: “Sal u saam met my na
Ra′mot-Gi′lead[h] trek?” Hierop
het hy vir hom gesê: “Ek is net
soos u, en my volk is soos u volk
en saam met u in die oorlog.”[i]

**4** Maar Jo′safat het vir die
koning van Israel gesê: “Raad-
pleeg[j] asseblief eers die woord
van Jehovah.” **5** Toe het die
koning van Israel die profete[k]
bymekaargebring, vierhonderd
man, en vir hulle gesê: “Sal ons
teen Ra′mot-Gi′lead optrek om
oorlog te voer, of sal ek dit laat
staan?”[l] En hulle het begin sê:
“Trek op, en die ware God sal
dit in die koning se hand gee.”

**6** Maar Jo′safat het gesê: “Is
hier nie nog ’n profeet van Je-
hovah nie?[m] Laat ons dan deur
hom raadpleeg.”[n] **7** Daarop
het die koning van Israel vir
Jo′safat gesê:[o] “Daar is nog een
man[p] deur wie ons Jehovah kan
raadpleeg, maar ek haat hom
beslis,[q] want hy profeteer oor
my niks goeds nie, maar al sy
dae iets slegs.[r] Hy is Miga′ja, die
seun van Jimla.”[s] Jo′safat het
egter gesê: “Die koning moenie
so iets sê nie.”[t]

**8** Daarop het die koning van
Israel ’n hofbeampte[u] geroep en
gesê: “Bring gou vir Miga′ja, die
seun van Jimla.”[v] **9** En die ko-
ning van Israel en Jo′safat, die
koning van Juda, het elkeen op
sy troon gesit, geklee in ko-
ninklike klere,[a] en hulle het op
die dorsvloer by die ingang van
die poort van Samari′a gesit; en
al die profete het voor hulle as
profete opgetree.[b] **10** Toe het
Sedeki′a, die seun van Kena′ä-
na, vir hom ysterhorings[c] ge-
maak en gesê: “Só het Jehovah
gesê:[d] ‘Hiermee sal jy die Siriërs
stoot totdat jy hulle uitroei.’ ”[e]
**11** En al die ander profete het
dieselfde geprofeteer en gesê:
“Trek op na Ra′mot-Gi′lead en
wees suksesvol,[f] en Jehovah sal
dit beslis in die koning se hand
gee.”[g]

**12** En die boodskapper wat
Miga′ja gaan roep het, het met
hom gepraat en gesê: “Kyk! Die
woorde van die profete is een-
stemmig goed vir die koning; en
laat u woord asseblief soos dié
van een van hulle word,[h] en u
moet iets goeds sê.”[i] **13** Maar
Miga′ja het gesê: “So waar as
Jehovah lewe,[j] wat my God sal
sê, dít sal ek sê.”[k] **14** Toe het
hy by die koning gekom, en die
koning het vir hom gesê: “Mi-
ga′ja, sal ons na Ra′mot-Gi′lead
trek om oorlog te voer, of sal ek
dit laat staan?” Dadelik het hy
gesê: “Trek op en wees sukses-
vol; en hulle sal in julle hand ge-
gee word.”[l] **15** Daarop het die
koning vir hom gesê: “Hoeveel
keer stel ek jou onder eed[m] dat
jy niks anders as die waarheid
in die naam van Jehovah vir my
moet sê nie?”[n] **16** Toe het hy
gesê: “Waarlik, ek sien al die Is-
raeliete verstrooid op die berge,
soos skape wat geen herder het
nie.[o] En Jehovah het gesê: ‘Hul-
le het geen heer nie.[p] Laat hul-
le elkeen in vrede na sy huis te-
ruggaan.’ ”[q]

**17** Toe het die koning van Is-
rael vir Jo′safat gesê: “Het ek
nie vir u gesê nie: ‘Hy sal nie
goeie nie, maar slegte dinge oor
my profeteer’?”[r]

HFST. 18
a 1Sa 2:7; 2Kr 17:5; Spr 10:22
b 2Ko 6:14
c 1Kn 16:28; 1Kn 16:33; 1Kn 21:25; 2Kn 8:18
d 1Kn 22:2; 2Kr 19:2
e Ps 141:4
f 1Kn 22:20; Spr 27:6
g De 4:43; 1Kr 6:80
h 1Kn 22:4
i Ps 139:21; Ef 5:11
j 2Sa 2:1; 1Kn 22:5; 2Kr 34:26; Spr 3:5
k 1Kn 18:19
l 1Kn 22:6
m 2Kn 3:11
n 1Kn 22:7
o 1Kn 22:8
p 1Kn 18:4; 1Kn 19:10
q 1Kn 18:17; 1Kn 21:20; Ps 34:21
r Spr 15:10; Spr 27:5; Jes 30:10; Jer 38:4
s 1Kn 22:8
t Spr 25:12; Mi 2:7
u 1Sa 8:15
v 1Kn 22:9

Tweede kol.
a Han 12:21
b 1Kn 22:10
c Jer 28:10
d Ese 13:6
e 1Kn 22:11; Jer 28:2; Jer 29:21
f Jer 23:25; Mi 3:5; 2Pe 2:1
g 1Kn 22:12
h Ps 10:11; Jes 30:10; Ho 7:3
i 1Kn 22:13
j De 32:40
k 1Kn 22:14; Jer 23:28; Jer 42:4; Han 20:27
l 1Kn 22:15
m 1Sa 14:24; Mt 26:63
n 1Kn 22:16
o Le 26:17; Nu 27:17; De 28:25; Sag 10:2
p Jes 63:11
q 1Kn 22:17
r 2Kr 18:7

18 En hy het verder gesê:
“Daarom, HOOR die woord van
Jehovah:[a] Waarlik, ek sien Je-
hovah op sy troon[b] sit en die
hele leër[c] van die hemel aan sy
regter- en sy linkerkant staan.[d]
19 En Jehovah het gesê: ‘Wie
sal Agab, die koning van Is-
rael, mislei sodat hy optrek en
by Ra′mot-Gi′lead val?’ En daar
is gepraat, die een het dít ge-
sê en die ander het dát gesê.[e]
20 Uiteindelik het ’n gees[f] vo-
rentoe gekom en voor Jehovah
gaan staan en gesê: ‘Ek sal hom
mislei.’ Daarop het Jehovah vir
hom gesê: ‘Hoe?’[g] 21 Hierop
het hy gesê: ‘Ek sal uitgaan en
beslis ’n bedrieglike gees in die
mond van al sy profete word.’[h]
Toe het hy gesê: ‘Jy sal hom
mislei, en jy sal boonop oorwin.[i]
Gaan uit en doen so.’[j] 22 En
nou, kyk, Jehovah het ’n be-
drieglike gees in die mond van
hierdie profete van u geplaas;[k]
maar Jehovah het rampspoed
oor u gespreek.”[l]

23 Sedeki′a,[m] die seun van
Kena′äna,[n] het toe nader ge-
kom en Miga′ja[o] op die wang[p]
geslaan en gesê: “Langs wat-
ter weg het die gees van Je-
hovah van my af weggegaan om
met jou te praat?”[q] 24 Daar-
op het Miga′ja gesê: “Kyk! Jy
sal sien langs watter weg op
dié dag[r] dat jy die binneste
vertrek sal ingaan om weg te
kruip.”[s] 25 Toe het die koning
van Israel gesê: “NEEM Miga′ja
en bring hom terug na Amon,
die stadshoof, en na Joas, die
koning se seun.[t] 26 En julle
moet sê: ‘Só het die koning ge-
sê: “SIT hierdie man in die huis
van bewaring[u] en voed hom met
’n verminderde rantsoen brood[v]
en ’n verminderde rantsoen wa-
ter totdat ek in vrede terug-
keer.” ’ ”[w] 27 Daarop het Mi-
ga′ja gesê: “As u enigsins in
vrede terugkeer, het Jehovah
nie met my gepraat nie.”[a] En hy
het bygevoeg: “Hoor, alle vol-
ke.”[b]

28 En die koning van Israel
en Jo′safat, die koning van Juda,
het na Ra′mot-Gi′lead[c] opge-
trek. 29 Die koning van Israel
het toe vir Jo′safat gesê: “Ek
sal my vermom[d] en die stryd in-
gaan, maar ú moet u klere aan-
trek.”[e] Toe het die koning van
Israel hom vermom, waarna
hulle die stryd ingegaan het.[f]
30 Wat die koning van Sirië be-
tref, hy het die hoofde van sy
strydwaens beveel en gesê: “Jul-
le moenie met klein of groot
veg nie, maar met die koning
van Israel alleen.”[g] 31 En net
toe die hoofde van die stryd-
waens Jo′safat sien, het hulle
by hulleself gesê: “Dit is die ko-
ning van Israel.”[h] Daarom het
hulle omgedraai om teen hom
te veg; en Jo′safat het om hulp
begin roep,[i] en Jehovah het
hom gehelp,[j] en God het hulle
dadelik van hom af weggelok.[k]
32 En toe die hoofde van die
strydwaens sien dat dit nie die
Sebo′ïm, Nebal′lat, **35** Lod[h] en
Ono,[i] die vallei van die vakman-
ne. **36** En van die Leviete was
daar afdelings van Juda vir Ben-
jamin.

**12** En dít was die priesters
en die Leviete wat saam
met Serubba′bel,[j] die seun van
Seal′tiël,[k] en Je′sua[l] opge-
trek het: Sera′ja, Jeremia, Esra,
**2** Amar′ja,[m] Mallug, Hattus,
**3** Segan′ja, Rehum, Me′remot,
**4** Iddo, Gin′netoi, Abi′a, **5** Mi-
ja′min, Maäd′ja, Bilga, **6** Se-
ma′ja[n] en Jo′jarib, Jeda′ja,[o]
**7** Sallu, Amok,[p] Hilki′a, Jeda′-
ja.[q] Dit was die hoofde van die
priesters en hulle broers in die
dae van Je′sua.[r]

**8** En die Leviete was Je′-
sua,[s] Bin′nuï,[t] Kad′miël,[u] Se-
reb′ja, Juda, Mattan′ja,[v] oor die
danksegging, hy en sy broers.
**9** En Bakbuk′ja en Unni, hul-
le broers, was teenoor hulle vir
wagdiens. **10** Je′sua het die
vader van Jo′jakim[w] geword, en
Jo′jakim het die vader van El′-
jasib[x] geword, en El′jasib van
Jo′jada.[y] **11** En Jo′jada het die
vader van Jo′natan geword, en
Jo′natan het die vader van Jad′-
dua[z] geword.

**12** En in die dae van Jo′ja-
kim was daar priesters, die
hoofde van die vaderhuise:[a] vir
Sera′ja,[b] Mera′ja; vir Jeremia,
Hanan′ja; **13** vir Esra,[c] Me-
sul′lam; vir Amar′ja, Jo′hanan;
**14** vir Mallu′gi, Jo′natan; vir
Seban′ja,[d] Josef; **15** vir Ha-
rim,[e] Adna; vir Me′rajot,
Helkai; **16** vir Iddo, Saga-
ri′a; vir Gin′neton, Mesul′lam;
**17** vir Abi′a,[f] Sigri; vir Min′ja-
min, ——; vir Moad′ja, Piltai;
**18** vir Bilga,[g] Sam′mua; vir Se-
ma′ja, Jo′natan; **19** en vir Jo′-
jarib, Mat′tenai; vir Jeda′ja,[a]
Ussi; **20** vir Sallai, Kallai; vir
Amok, Eber; **21** vir Hilki′a,
Hasab′ja; vir Jeda′ja,[b] Neta′nel.

**22** Die Leviete in die dae van
El′jasib,[c] Jo′jada[d] en Jo′hanan
en Jad′dua[e] is as hoofde van
vaderhuise opgeskryf, ook die
priesters, tot die koningskap
van Dari′us die Pers.

**23** Die kinders van Levi as
hoofde van die vaderhuise[f] is
in die kroniekboek opge-
skryf, selfs tot die dae van
Jo′hanan, die seun van El′ja-
sib. **24** En die hoofde van die
Leviete was Hasab′ja, Sereb′-
ja[g] en Je′sua, die seun van Kad′-
miël,[h] en hulle broers teenoor
hulle om te loof en te dank vol-
gens die gebod[i] van Dawid, die
man van die ware God, wag-
groep naas waggroep. **25** Mat-
tan′ja[j] en Bakbuk′ja, Obad′ja,
Mesul′lam, Talmon, Akkub[k] het
as poortwagters[l] wag gehou, ’n
waggroep by die voorraadka-
mers van die poorte. **26** Hul-
le was in die dae van Jo′jakim,[m]
die seun van Je′sua,[n] die seun
van Jo′sadak,[o] en in die dae van
die goewerneur Nehemi′a[p] en
die priester Esra,[q] die kopiïs.[r]

**27** En by die inwyding[s] van
die muur van Jerusalem het
hulle die Leviete gesoek, om
hulle uit al hulle plekke na Je-
rusalem te bring ten einde ’n in-
wyding te hou en hulle te ver-
heug, ja, met dankseggings[t] en
met liedere,[u] simbale en snaar-
instrumente[v] en met harpe.[w]
**28** En die seuns van die sangers
het hulle versamel uit die Dis-
trik,[x] uit die omstreke van Jeru-
salem en uit die nedersettings
van die Netofatiete,[y] **29** en
uit Bet-Gilgal[z] en uit die velde
van Geba[a] en Asma′wet,[b] want

HFST. 11
a 1Sa 13:11
b Ge 12:8
c Ge 28:19 Jos 18:13
d Jos 21:18
e 1Sa 21:1
f Jos 18:25
g 2Sa 4:3
h 1Kr 8:12
i Esr 2:33

HFST. 12
j Esr 1:11
k Mt 1:12
l Sag 3:1
m Ne 12:13
n Ne 12:18
o Ne 12:19
p Ne 12:20
q Ne 12:21
r Ne 7:7
s Esr 2:40
t Esr 8:33
u Esr 2:40 Esr 3:9
v 1Kr 9:15 Ne 11:17
w Ne 12:26
x Ne 3:1
y Ne 13:28
z Ne 12:22
a 1Kr 24:31 Esr 10:16
b Ne 11:11
c Ne 12:1
d Ne 10:4
e Esr 2:39 Ne 10:5
f Ne 12:4
g Ne 12:5

Tweede kol.
a Ne 12:6
b Ne 12:7
c Ne 3:1 Ne 13:28
d Ne 12:10
e Ne 12:11
f 1Kr 15:12 1Kr 23:24
g Ne 8:7
h Esr 2:40 Ne 12:8
i 1Kr 16:4 1Kr 23:30
j 1Kr 9:15 Ne 12:8 Ne 13:13
k 1Kr 9:17 Esr 2:42 Ne 7:45 Ne 11:19
l 1Kr 9:22 1Kr 9:27
m Ne 12:10
n Esr 3:2
o Esr 3:8
p Ne 8:9
q Esr 7:6
r Esr 7:11
s De 20:5 1Kn 8:63 Ps 30:Ops
t 2Kr 7:6
u 2Kr 5:13
v 1Kr 23:5

w 2Kr 9:11; x Ge 13:10; 1Kn 7:46; y 1Kr 2:54; 1Kr 9:16; Ne 7:26; z Jos 5:9; Jos 15:7; a Jos 21:17; 1Kr 8:6; Ne 11:31; b Esr 2:24.

die sangers het vir hulle ne-
dersettings[a] rondom Jerusalem
gebou. **30** En die priesters en
die Leviete het hulleself gerei-
nig[b] en het die volk[c] en die poor-
te[d] en die muur[e] gereinig.

**31** Toe het ek die vorste[f] van
Juda op die muur laat klim. Ver-
der het ek twee groot dankko-
re[g] en optogte opgestel, en die
een het na regs op die muur
na die Aspoort[h] geloop. **32** En
Hosa′ja en die helfte van die
vorste van Juda het agter hul-
le begin loop, **33** ook Asar′ja,
Esra en Mesul′lam, **34** Juda
en Benjamin en Sema′ja en Je-
remia; **35** ook van die seuns
van die priesters met die trom-
pette:[i] Sagari′a, die seun van
Jo′natan, die seun van Sema′-
ja, die seun van Mattan′ja, die
seun van Miga′ja, die seun van
Sakkur,[j] die seun van Asaf,[k]
**36** en sy broers Sema′ja en Asa′-
reël, Mi′lalai, Gi′lalai, Maäi, Ne-
ta′nel en Juda, Hana′ni, met die
instrumente[l] vir sang van Da-
wid, die man van die ware God;
en Esra,[m] die kopiïs, voor hul-
le uit. **37** En by die Fontein-
poort[n] en reg voor hulle uit het
hulle bo die Trap[o] van die Stad
van Dawid[p] opgeklim waar die
muur opgaan bo die Huis van
Dawid en tot by die Waterpoort[q]
aan die oostekant.

**38** En die ander dankkoor[r]
het voor geloop, en ek, en ook
die helfte van die volk, daarag-
ter, op die muur oor die Bak-
oondtoring[s] en tot by die Breë
Muur,[t] **39** en oor die E′fraims-
poort[u] en tot by die Poort van
die Ou Stad[v] en tot by die Vis-
poort[w] en die Hana′neltoring[x]
en die Meatoring[y] en tot by die
Skaappoort;[z] en hulle het by die
Wagpoort gaan staan.

**40** Eindelik het die twee
dankkore[a] by die huis[b] van die
ware God gaan staan, ook ek
en die helfte van die land-
voogde saam met my,[a] **41** en
die priesters El′jakim, Maä-
se′ja, Min′jamin, Miga′ja, El-
joënai, Sagari′a, Hanan′ja met
die trompette,[b] **42** en Maäse′-
ja en Sema′ja en Elea′sar en Ussi
en Jo′hanan en Malki′a en Elam
en Eser. En die sangers saam
met die opsiener Jisrag′ja het
hulle voortdurend laat hoor.[c]

**43** En hulle het op dié dag
groot offerandes[d] gebring en
was vrolik,[e] want die ware God
het hulle hulle met groot
vreugde laat verbly.[f] En ook die
vroue[g] en die kinders[h] was vro-
lik, sodat die blydskap van
Jerusalem ver weg gehoor kon
word.[i]

**44** Verder is daar op dié dag
manne aangestel oor die sale[j]
vir die voorrade,[k] vir die by-
draes,[l] vir die eerstelinge[m] en
vir die tiendes,[n] om daarin uit
die landerye van die stede die
dele te versamel wat deur die
wet vereis is[o] vir die pries-
ters en die Leviete;[p] want die
blydskap van Juda was weens
die diensdoende priesters en
Leviete.[q] **45** En hulle het die
verpligting[r] teenoor hulle God
en die verpligting ten opsigte
van die reiniging[s] begin nakom,
ook die sangers[t] en die poort-
wagters,[u] volgens die gebod
van Dawid en sy seun Salomo.
**46** Want in die dae van Dawid
en Asaf, in die tyd van weleer,
was daar hoofde van die san-
gers[v] en die loflied en die dank-
seggings aan God.[w] **47** En die
hele Israel het in die dae van Se-
rubba′bel[x] en in die dae van Ne-
hemi′a[y] die dele van die san-
gers[z] en van die poortwagters[a]
gegee volgens die daaglikse be-
hoefte en het dit vir die Leviete

w 2Kr 29:31; x Esr 3:2; Hag 1:12; Lu 3:27; y Ne 1:1; z Ne 11:23; a Ne 10:39.

HFST. 12

a Le 25:31
b Eks 19:10; 2Kr 29:5
c Esr 6:21
d Ne 7:1
e Ne 6:15
f 1Kr 28:1; Ne 9:32
g Ne 12:38; Ne 12:40
h Ne 2:13; Ne 3:13
i Nu 10:2; 2Kr 5:12
j 1Kr 25:2
k 1Kr 6:39; 1Kr 25:1
l 1Kr 23:5; Am 6:5
m Ne 8:4
n Ne 2:14
o Ne 3:15
p 2Sa 5:7; 2Sa 5:9
q Ne 3:26; Ne 8:1
r Ne 12:31
s Ne 3:11
t Ne 3:8
u 2Kn 14:13; Ne 8:16
v Ne 3:6
w 2Kr 33:14; Ne 3:3; Sef 1:10
x Jer 31:38; Sag 14:10
y Ne 3:1
z Joh 5:2
a Ne 12:31
b Esr 1:2; Esr 6:15

Tweede kol.

a Ne 12:32; Ps 47:9
b Nu 10:2
c Ps 81:1; Ps 100:1; Jes 12:6
d Esr 6:17
e De 12:12
f Ps 9:2; Ps 92:4
g Jer 31:13
h Ps 148:12
i Esr 3:13
j 1Kr 9:26; 2Kr 31:11
k Ne 13:13
l Ne 10:39
m Ne 10:35; Ne 10:37
n Ne 10:38; Ne 13:12
o Eks 34:26; Nu 15:19; De 26:2
p Nu 18:21
q Nu 3:6; 1Kr 23:28
r Nu 3:7
s Eks 30:21; Le 21:6; Le 22:2
t Ne 12:31
u 1Kr 9:22
v 1Kr 25:1; 1Kr 25:6

geheilig;[a] en die Leviete het dit
vir die seuns van Aäron gehei-
lig.

**13** Op dié dag is daar voor
die ore van die volk uit
die boek[b] van Moses gelees;[c] en
daarin is geskrywe gevind dat
die Ammoniet[d] en die Moabiet[e]
tot onbepaalde tyd nie in die ge-
meente van die ware God mag
kom nie,[f] **2** want hulle het
die kinders van Israel nie met
brood[g] en met water[h] tegemoet-
gekom nie, maar Bi′leam[i] teen
hulle gehuur om ’n vloek oor
hulle uit te spreek.[j] Maar ons
God het die vloek in ’n seën ver-
ander.[k] **3** En onmiddellik na-
dat hulle die wet gehoor het,[l]
het hulle die hele gemengde ge-
selskap van Israel begin afson-
der.[m]

**4** En vroeër was daar El′ja-
sib,[n] die priester wat toesig oor
’n eetsaal[o] van die huis van ons
God gehad het, ’n familielid van
Tobi′a;[p] **5** en hy het vir hom
’n groot eetsaal[q] ingerig, waar
hulle vroeër gereeld die graan-
offer,[r] die wierook en die voor-
werpe en die tiendes van die
graan, die nuwe wyn[s] en die
olie,[t] waarop die Leviete[u] en die
sangers en die poortwagters ge-
regtig is, en die bydrae vir die
priesters neergesit het.

**6** En gedurende al hierdie
tyd was ek nie in Jerusalem nie,
want in die twee-en-dertigste[v]
jaar van Artasas′ta,[w] die koning
van Babilon, het ek by die ko-
ning gekom, en ’n ruk later het
ek verlof van die koning ge-
vra.[x] **7** Toe het ek na Jerusa-
lem gekom en die kwaad opge-
merk wat El′jasib[y] ten gunste
van Tobi′a[z] gedoen het, deur vir
hom ’n saal in die voorhof van
die huis[a] van die ware God in te
rig. **8** En dit was baie sleg in
my oë.[b] Toe het ek al Tobi′a se
huisraad uit die eetsaal gegooi.[c]
**9** Daarna het ek die woord ge-
spreek, en hulle het die eetsa-
le[a] gereinig;[b] en ek het die voor-
werpe[c] van die huis van die
ware God daar teruggesit, saam
met die graanoffer en die wie-
rook.[d]

**10** En ek het uitgevind dat
die dele[e] van die Leviete nie
aan hulle gegee is nie, sodat
die Leviete en die sangers wat
die werk gedoen het, weggeloop
het, elkeen na sy eie grond.[f]
**11** En ek het die landvoogde[g]
begin verwyt[h] en gesê: “Waar-
om is die huis van die ware God
verwaarloos?”[i] Gevolglik het ek
hulle bymekaar laat kom en hul-
le op hulle pos opgestel. **12** En
wat die hele Juda betref, hulle
het die tiendes[j] van die graan[k]
en van die nuwe wyn[l] en van die
olie[m] na die voorraadkamers[n]
gebring. **13** Toe het ek Selem′-
ja, die priester, en Sadok, die ko-
piïs, en Peda′ja, van die Leviete,
in beheer van die voorraadka-
mers geplaas; en onder hulle lei-
ding was daar Hanan, die seun
van Sakkur, die seun van Mat-
tan′ja,[o] want hulle is getrou
geag;[p] en op hulle het die taak
gerus om die uitdeling[q] aan hul-
le broers te doen.

**14** Dink tog hieroor aan my,[r]
o my God, en moenie my dade
van liefderyke goedhartigheid
uitwis[s] wat ek in verband met
die huis[t] van my God en die be-
waking daarvan verrig het nie.

**15** In dié dae het ek in Juda
mense gesien wat op die sab-
bat[u] wynperse trap en graanho-
pe inbring en dit op esels[v] laai,[w]
en ook wyn, druiwe en vye[x]
en allerhande vragte, en dit op
die sabbatdag in Jerusalem in-
bring;[y] en ek het teen hulle
getuig op die dag dat hulle

HFST. 12
a Nu 18:21

HFST. 13
b Ne 8:3; Lu 10:26; Han 13:15; Han 15:21
c De 31:11; Ne 8:2; Lu 4:16
d De 23:3
e Ge 19:37
f De 23:6
g Rig 11:17
h De 23:4
i Nu 22:5; Jos 24:9
j Nu 22:6
k Nu 23:8; Nu 24:10; De 23:5; Ps 109:28; Mi 6:5
l Ps 19:7; Ps 119:15; Spr 6:23
m Esr 10:11; Ne 9:2; Ne 10:28
n Ne 3:1
o Ne 10:37; Ne 10:38
p Ne 2:10
q Ne 12:44
r Ne 10:33
s Nu 18:27; Nu 18:30
t De 18:4
u Nu 18:24
v Ne 5:14
w Esr 7:1; Ne 2:1
x Ne 2:5; Ne 2:6
y Ne 12:10
z Ne 2:10; Ne 4:7
a Mt 21:13
b Spr 8:13; Am 5:15
c Mt 21:12

Tweede kol.
a Ne 10:39
b 2Kr 29:5
c Esr 1:9
d Le 2:15; Ne 13:5
e Ne 10:37; Ne 12:47; Mal 3:8
f Nu 35:2
g Esr 9:2; Ne 2:16
h Spr 28:4
i Ne 10:39
j Le 27:30; Nu 18:21
k Nu 18:27
l Nu 18:12
m De 18:4
n Ne 10:38; Mal 3:10
o Ne 11:17; Ne 12:8
p Ps 15:1; Lu 12:42; 1Ko 4:2

q Han 4:35; Han 6:1; r Ne 5:19; s Mt 6:20; Heb 6:10; t 2Kr 24:16; Ps 122:9; u Eks 20:10; Eks 34:21; Eks 35:2; Jes 58:13; v 2Sa 16:1; w Jer 17:21; x De 8:8; y Jer 17:27.

voedsel verkoop het. **16** En
die Tiriërs[a] het in die stad ge-
woon en het vis en allerhande
handelsware ingebring[b] en op
die sabbat aan die kinders van
Juda en in Jerusalem verkoop.
**17** Daarom het ek die edeles[c]
van Juda begin verwyt en vir
hulle gesê: "Wat is hierdie sleg-
te ding wat julle doen, deur
selfs die sabbatdag te ontheilig?
**18** Het julle voorvaders nie so
gedoen nie,[d] sodat ons God al
hierdie rampspoed[e] oor ons en
ook oor hierdie stad gebring
het? Tog vergroot julle die bran-
dende toorn teen Israel deur die
sabbat te ontheilig."[f]

**19** En toe die poorte van Je-
rusalem voor die sabbat in ska-
duwee gehul was, het ek on-
middellik die woord gespreek,
en die deure is toegemaak.[g] Ek
het verder gesê dat hulle dit nie
mag oopmaak tot ná die sabbat
nie; en ek het van my eie die-
naars by die poorte opgestel so-
dat geen vrag op die sabbatdag
sou inkom nie.[h] **20** Gevolglik
het die handelaars en die ver-
kopers van allerhande handels-
ware een keer en 'n tweede
keer buite Jerusalem oornag.
**21** Toe het ek teen hulle getuig[i]
en vir hulle gesê: "Waarom oor-
nag julle voor die muur? As jul-
le dit weer doen, sal ek die hand
aan julle slaan."[j] Van dié tyd af
het hulle nie meer op die sabbat
gekom nie.

**22** En ek het vir die Levie-
te[k] gesê dat hulle hulle gereeld
moet reinig[l] en moet inkom om
die poorte[m] te bewaak ten ein-
de die sabbatdag te heilig.[n] Dink
tog ook hieraan[o] ten gunste van
my, o my God, en voel tog jam-
mer vir my ooreenkomstig die
oorvloed van u liefderyke goed-
hartigheid.[p]

**23** Ook het ek in dié dae die
Jode gesien wat Asdodiese,[q]
Ammonitiese en Moabitiese[a]
vrouens by hulle laat woon het.[b]
**24** En wat hulle kinders betref,
die helfte het Asdodies gepraat,
en geeneen van hulle kon Joods
praat nie,[c] maar wel die taal van
die verskillende volke. **25** En
ek het begin om hulle te ver-
wyt en 'n vloek oor hulle uit
te spreek[d] en party manne on-
der hulle te slaan[e] en hulle hare
uit te trek en hulle by God te
laat sweer:[f] "Julle mag julle dog-
ters nie aan hulle seuns gee nie,
en julle mag geeneen van hul-
le dogters vir julle seuns of vir
julleself aanvaar nie.[g] **26** Was
dit nie weens hulle dat Salomo,
die koning van Israel, gesondig
het nie?[h] En onder die baie na-
sies was daar geen koning soos
hy nie;[i] en hy was geliefd by
sy God,[j] sodat God hom as ko-
ning oor die hele Israel aan-
gestel het. Selfs hom het die
uitlandse vrouens laat sondig.[k]
**27** En is dit nie iets ongehoords
dat julle al hierdie groot kwaad
doen deur ontrou teen ons God
te handel deur uitlandse vrou-
ens by julle te laat woon nie?"[l]

**28** En een van die seuns van
Jo'jada,[m] die seun van die hoë-
priester El'jasib,[n] was 'n skoon-
seun van Sanbal'lat,[o] die Horo-
niet.[p] Daarom het ek hom van
my af weggejaag.[q]

**29** Dink tog aan hulle, o my
God, weens die verontreiniging[r]
van die priesterskap en die ver-
bond[s] van die priesterskap en
van die Leviete.[t]

**30** En ek het hulle gereinig[u]
van al wat vreemd was en plig-
te aan die priesters en aan die
Leviete toegewys, elkeen in sy
eie werk,[v] **31** ook vir die le-
wering van die hout[w] op vasge-
stelde tye en vir die eerste ryp
vrugte.

Dink tog aan my,[x] o my God,
ten goede.[y]

**HFST. 13**
a Jos 19:29
b Ne 10:31
c Ne 4:14
d Ne 9:16
e Esr 9:13
f Eks 20:8; Eks 31:14
g Ne 7:3
h Jer 17:21
i Ne 9:29
j Esr 7:26; Ro 13:3; 1Pe 2:14
k 1Kr 23:28
l Ne 12:30
m 1Kr 9:23; 1Kr 26:13
n De 5:12
o Ne 5:19; Ne 13:14; Ne 13:31
p Ps 25:6; Ps 51:1; Ps 130:7
q Jos 13:3; 1Sa 5:7

**Tweede kol.**
a Eks 34:16; De 23:3
b Esr 9:2; Esr 10:10; 2Ko 6:14
c 2Kn 18:26
d De 27:26
e De 25:2; Esr 7:26
f De 6:13; Ne 10:29
g De 7:3
h 1Kn 11:1
i 1Kn 3:13; 2Kr 1:12; 2Kr 9:22
j 2Sa 12:24
k 1Kn 11:4; 1Kn 11:5
l Esr 10:2
m Ne 12:10
n Ne 3:1; Ne 13:4
o Ne 2:10; Ne 4:1; Ne 6:14
p Jos 16:3; Jos 16:5
q Spr 20:8; Spr 20:26
r Le 21:15
s Eks 40:15; Nu 25:13
t Mal 2:4
u Ne 10:30
v 1Kr 23:6; 1Kr 25:1
w Ne 10:34
x Ne 5:19
y Ps 25:7

# ESTER

1 En in die dae van Ahas′ve-
ros,[a] dit is die Ahas′veros
wat van Indië tot Etiopië oor
honderd-sewe-en-twintig regs-
gebiede[b] as koning geheers het,
**2** in dié dae toe koning Ahas′ve-
ros op sy koninklike troon gesit
het,[c] wat in die kasteel[d] Susan[e]
was, **3** het hy in die derde jaar
van sy regering ’n feesmaal[f] ge-
hou vir al sy vorste en sy kneg-
te, die krygsmag van Persië[g] en
Medië,[h] die edelmanne[i] en die
vorste van die regsgebiede wat
voor hom was,[j] **4** toe hy die
rykdom[k] van sy glorieryke ko-
ninkryk en die eer[l] en die prag
van sy grootheid baie dae, hon-
derd-en-tagtig dae lank, ver-
toon het. **5** En toe hierdie dae
vervul is, het die koning sewe
dae lank vir al die mense wat
hulle in die kasteel Susan be-
vind het, vir groot sowel as
klein, in die voorhof van die
tuin van die koning se paleis ’n
feesmaal gehou. **6** Daar was
linne, fyn katoen en blou stof,[m]
vasgemaak met toue van fyn
weefstof, en purperrooigekleur-
de wol[n] in silwerringe en aan
marmerpilare, goue en silwer-
slaapbanke[o] op ’n plaveisel van
porfier en van marmer en perle-
moen en swart marmer.
**7** En daar is wyn om te
drink in goue houers[p] aange-
gee; en die houers was almal
verskillend, en daar was baie
koninklike wyn,[q] ooreenkom-
stig die vermoë van die koning.
**8** Wat die drinktyd volgens die
wet betref, was daar niemand
wat dwang uitgeoefen het nie,
want so het die koning gereël
vir elke vername man van sy
huis, dat elkeen kon doen wat
hy wou.

**9** Ook het Vasti,[a] die konin-
gin, vir die vroue ’n feesmaal
gehou by die koninklike huis
wat aan koning Ahas′veros be-
hoort het.
**10** Op die sewende dag, toe
die koning se hart in ’n vroli-
ke stemming was van die wyn,[b]
het hy vir Mehu′man, Bista,
Harbo′na,[c] Bigta en Abag′ta,
Setar en Karkas, die sewe hof-
beamptes wat koning Ahas′ve-
ros persoonlik gedien het,[d] gesê
**11** om koningin Vasti in die ko-
ninklike hooftooisel voor die
koning te bring, om haar skoon-
heid vir die volke en die vors-
te te wys; want sy was pragtig
in voorkoms.[e] **12** Maar konin-
gin Vasti het bly weier[f] om te
kom op die koning se woord
wat deur middel van die hofbe-
amptes oorgedra is. Hierop het
die koning hoogs verontwaar-
dig geraak, en sy woede het in
hom opgevlam.[g]
**13** En die koning het vir die
wyse[h] manne wat kennis van
die tye gehad het,[i] gesê (want
só het die koning se saak voor
almal gekom wat vertroud was
met die wet en regsake, **14** en
dié wat die naaste aan hom was,
was Karse′na, Setar, Adma′ta,
Tarsis, Meres, Marse′na en Me-
mu′gan, sewe[j] vorste van Persië
en Medië, wat toegang tot die
koning gehad het[k] en wat in die
eerste plekke in die koninkryk
gesit het): **15** “Wat moet vol-
gens wet met koningin Vasti ge-
doen word omdat sy die woord
van koning Ahas′veros deur
middel van die hofbeamptes nie
uitgevoer het nie?”
**16** Hierop het Memu′gan[l]
voor die koning en die vorste

**HFST. 1**
a Da 11:2
b Est 8:9; Da 6:1
c Est 5:1
d Ne 2:8
e Esr 4:9; Ne 1:1; Da 8:2
f 1Sa 25:36; Est 2:18
g Esr 1:2; Da 5:28
h Jes 21:2; Jer 51:11
i Da 3:2; Da 6:7
j Spr 11:14; Spr 15:22; Spr 20:18; Spr 24:6
k Jes 39:2; Ese 28:5
l Ro 13:7; 1Pe 2:17
m Est 8:15
n Eks 26:31
o Est 7:8
p 1Kn 10:21
q Ne 2:1

**Tweede kol.**
a Est 1:12; Est 2:1; Est 2:17
b Ps 104:15; Pr 10:19; Ef 5:18
c Est 7:9
d 2Kn 4:43; Est 2:2
e Spr 31:30
f 1Ko 11:9; Ef 5:24
g Spr 19:12; Spr 20:2
h Da 2:27
i 1Kr 12:32; Mt 16:3
j Esr 7:14
k Spr 22:29
l Est 1:21

gesê: “Nie net teen die koning
het koningin Vasti verkeerd ge-
doen nie,[a] maar teen al die vors-
te en teen al die volke wat
in al die regsgebiede van ko-
ning Ahas′veros is. **17** Want
die aangeleentheid van die ko-
ningin sal na al die vrouens uit-
gaan sodat hulle hulle eienaars[b]
in hulle oë sal verag[c] wan-
neer hulle sê: ‘Koning Ahas′-
veros het gesê dat koningin
Vasti voor hom gebring moet
word, en sy het nie gekom nie.’
**18** En vandag sal die vorstin-
ne van Persië en Medië, wat die
aangeleentheid van die konin-
gin gehoor het, met al die vors-
te van die koning praat, en daar
sal genoeg veragting en veront-
waardiging wees.[d] **19** As die
koning dit goedvind,[e] laat daar
dan ’n koninklike woord van
hom uitgaan, en laat dit in die
wette[f] van Persië en Medië ge-
skryf word, sodat dit nie sal
verbygaan nie,[g] dat Vasti nie
voor koning Ahas′veros mag
kom nie; en laat die koning haar
koninklike waardigheid aan ’n
metgesellin van haar gee, ’n
vrou wat beter is as sy. **20** En
die verordening van die koning
wat hy sal uitvaardig, sal in
sy hele ryk gehoor word (want
dit is groot), en al die vrouens
sal eer[h] gee aan hulle eienaars,[i]
groot sowel as klein.”

**21** En die saak was welgeval-
lig in die oë van die koning[j] en
die vorste, en die koning het ge-
handel volgens die woord van
Memu′gan. **22** Toe het hy ge-
skrewe dokumente[k] na al die
koning se regsgebiede gestuur,
na elke regsgebied[l] in sy eie
skryfstyl en na elke volk in sy
eie taal, dat elke man voort-
durend as vors in sy eie huis[m]
moet optree en die taal van sy
eie volk moet praat.

**2** Ná hierdie dinge, toe die
woede van koning Ahas′ve-
ros[a] bedaar het, het hy aan Vas-
ti[b] gedink en aan wat sy gedoen
het[c] en aan wat teen haar be-
sluit is.[d] **2** Toe het die koning
se bediendes, sy dienaars,[e] gesê:
“Laat hulle vir die koning jong
vroue soek,[f] maagde,[g] pragtig
in voorkoms, **3** en laat die ko-
ning hoofbeamptes in al die
regsgebiede[h] van sy ryk aan-
stel, en laat hulle al die jong
vroue, maagde, pragtig in voor-
koms, by die kasteel[i] Susan by-
mekaarbring, by die huis van
die vroue onder toesig van He-
gai,[j] die koning se eunug,[k] die
bewaker van die vroue; en laat
daar vir hulle masserings gegee
word. **4** En die jong vrou wat
in die koning se oë welgevallig
is, sal koningin wees in die plek
van Vasti.”[l] En die saak was
welgevallig in die koning se oë,
en hy het so gemaak.

**5** Daar was ’n sekere man,
’n Jood, in die kasteel Susan,[m]
en sy naam was Mor′degai,[n] die
seun van Jaïr, die seun van Si′-
meï, die seun van Kis, ’n Ben-
jaminiet,[o] **6** wat uit Jerusa-
lem in ballingskap weggevoer
is[p] saam met die ballinge wat in
ballingskap weggevoer is saam
met Jegon′ja,[q] die koning van
Juda, wat Nebukadne′sar,[r] die
koning van Babilon, in balling-
skap weggevoer het. **7** En hy
het die oppasser[s] geword van
Hadas′sa, dit is Ester, die dog-
ter van sy vader se broer,[t] want
sy het geen vader of moeder ge-
had nie; en die jong vrou was
mooi van gestalte en pragtig
in voorkoms,[u] en by die dood
van haar vader en haar moeder
het Mor′degai haar as sy dogter
aangeneem. **8** En toe die ko-
ning se woord en sy wet gehoor
is, en toe talle jong vroue by die

HFST. 1
a Est 1:12
b Ge 3:16, De 22:22, Jer 31:32, Jl 1:8, Mt 24:38
c 2Sa 6:16
d Spr 27:15
e Est 3:9, Est 8:5
f Da 6:8, Da 6:15
g Est 8:8, Da 6:12
h Ef 5:33, 1Pe 3:5
i Est 1:17
j Ge 41:37, Est 2:4
k Est 3:14
l Est 3:12, Est 8:9
m Ro 7:2, Ef 5:23

Tweede kol.

HFST. 2
a Est 1:1
b Est 1:9
c Est 1:12
d Est 1:19
e Est 1:10, Est 1:14, Est 6:14
f 1Kn 1:3
g Rig 21:12
h Est 8:9
i Ne 2:8
j Est 2:15
k Est 2:14, Est 4:4
l Est 1:11, Est 1:19, Est 2:17
m Est 1:2
n Est 3:2, Est 5:14, Est 10:3
o Ge 49:27, 1Sa 9:21
p 2Kn 24:14
q 2Kn 24:15, 1Kr 3:16, 2Kr 36:10, Jer 22:28, Jer 37:1, Jer 52:31, Mt 1:11
r Jer 24:1
s 1Ti 5:8, Jak 1:27
t Est 2:15
u Spr 31:30

kasteel Susan[a] onder toesig van
Hegai[b] bymekaargebring is, is
Ester na die koning se huis ge-
neem, onder toesig van Hegai,
die bewaker van die vroue.
**9** En die jong vrou was wel-
gevallig in sy oë, sodat sy liefde-
ryke goedhartigheid[c] voor hom
gevind het en hy hom gehaas
het om haar haar masserings[d]
en haar gepaste voedsel te gee
en om haar sewe uitgesoek-
te jong vroue uit die koning
se huis te gee, en hy het haar
en haar jong vroue na die bes-
te plek in die huis van die vroue
verskuif. **10** Ester het niks
vertel van haar volk[e] of haar
familielede nie, want Mor′degai
het haar beveel om dit nie te
vertel nie.[f] **11** En dag na dag
het Mor′degai voor die voorhof
van die huis van die vroue ge-
wandel om uit te vind hoe dit
met Ester gaan en wat met haar
gedoen word.
**12** En wanneer die beurt van
elke jong vrou gekom het om na
koning Ahas′veros toe te gaan,
nadat daar twaalf maande met
haar gehandel is volgens die
voorskrif vir vroue—want so is
die dae van hulle masserings-
prosedure geleidelik vervul, ses
maande met mirre-olie[g] en ses
maande met balsemolie[h] en met
die masserings van die vroue—
**13** dan het die jong vrou op
hierdie voorwaardes na die ko-
ning toe gegaan. Alles wat sy
genoem het, is aan haar gegee,
om saam met haar van die huis
van die vroue na die koning se
huis[i] te gaan. **14** In die aand
het sy ingegaan en in die og-
gend het sy teruggekeer na die
tweede huis van die vroue on-
der toesig van Saäs′gas, die ko-
ning se eunug,[j] die bewaker van
die byvrouens. Sy het nie weer
na die koning toe gegaan nie,
tensy die koning behae in haar
gehad het en sy by die naam ge-
roep is.[a]
**15** En toe Ester, die dogter
van Abi′hail, die oom van Mor′-
degai, wat hy as sy dogter aan-
geneem het,[b] aan die beurt kom
om na die koning toe te gaan,
het sy niks gevra nie,[c] behal-
we wat Hegai,[d] die koning se eu-
nug, die bewaker van die vroue,
genoem het. (Die hele tyd het
Ester steeds guns gevind in die
oë van almal wat haar gesien
het.)[e] **16** Toe is Ester na ko-
ning Ahas′veros by sy konink-
like huis geneem, in die tiende
maand, dit is die maand Tebet,
in sy sewende regeringsjaar.[f]
**17** En die koning het Ester
meer liefgekry as al die ander
vroue, sodat sy meer guns en
liefderyke goedhartigheid voor
hom gevind het as al die ander
maagde.[g] En hy het die konink-
like hooftooisel op haar kop ge-
sit en haar koningin gemaak[h] in
die plek van Vasti. **18** En die
koning het vir al sy vorste en
sy knegte ’n groot feesmaal ge-
hou, die feesmaal van Ester; en
hy het amnestie[i] aan die regs-
gebiede verleen, en hy het aan-
houdend geskenke gegee, oor-
eenkomstig die vermoë van die
koning.
**19** En toe maagde[j] vir ’n
tweede keer bymekaargebring
is, het Mor′degai in die koning
se poort gesit.[k] **20** Ester het
niks vertel van haar familiele-
de en haar volk nie,[l] net soos
Mor′degai[m] haar beveel het;[n] en
wat Mor′degai gesê het, het Es-
ter gedoen, net soos toe sy on-
der sy sorg was.[o]
**21** In daardie dae, terwyl
Mor′degai in die koning se poort
gesit het, het Bigtan en Teres,
twee hofbeamptes van die ko-
ning, deurwagters, verontwaar-
dig geraak en voortdurend ’n
manier gesoek om die hand aan

**HFST. 2**
a Est 1:2
b Est 2:3
c Spr 11:17, Spr 14:22, Spr 16:7, Spr 19:22, Da 1:9
d Est 2:3, Est 2:12
e Est 3:8, Est 4:13, Est 7:4, Mt 10:16
f Est 2:7, Est 2:20, Ef 6:1
g Spr 7:17, Hgl 3:6, Lu 7:37
h Ge 43:11, 1Kn 10:2, 2Kn 20:13
i Est 1:9
j Est 2:3

**Tweede kol.**
a Est 4:11
b Est 2:7
c 1Pe 3:3
d Est 2:8
e Hgl 6:9
f Est 1:3
g Est 4:14, Ps 75:7
h Est 1:19
i Mt 27:15
j Est 2:3
k Est 2:21, Est 3:2
l Est 2:6, Est 3:8, Est 7:4
m Est 2:5, Est 8:1, Est 10:3
n Est 2:10, Mt 10:16
o Est 2:7

koning Ahas′veros te slaan.[a]
22 En die saak het aan Mor′de-
gai bekend geword, en hy het
onmiddellik vir koningin Ester
daarvan vertel.[b] Daarop het Es-
ter in Mor′degai se naam met
die koning gepraat.[c] 23 Toe is
die saak ondersoek en uiteinde-
lik so bevind, en hulle albei is
aan ’n paal[d] gehang;[e] waarna
dit voor die koning in die kro-
niekboek[f] geskryf is.

3 Ná hierdie dinge het koning
Ahas′veros vir Haman,[g] die
seun van Hammeda′ta, die Aga-
giet,[h] groot gemaak en hom ver-
hef[i] en sy troon gestel bo al die
ander vorste wat by hom was.[j]
2 En al die koning se kneg-
te wat in die koning se poort[k]
was, het laag gebuig en hulle
voor Haman neergewerp, want
so het die koning aangaande
hom beveel. Maar wat Mor′de-
gai betref, hy het nie laag ge-
buig of hom neergewerp nie.[l]
3 En die koning se knegte wat
in die koning se poort was, het
vir Mor′degai begin sê: “Waar-
om oortree jy die koning se ge-
bod?”[m] 4 En toe hulle dag na
dag met hom praat en hy nie
na hulle luister nie, het hul-
le vir Haman vertel om te sien
of Mor′degai se saak sou stand-
hou;[n] want hy het vir hulle ver-
tel dat hy ’n Jood is.[o]

5 En Haman het bly sien dat
Mor′degai nie laag buig en hom
nie voor hom neerwerp nie,[p] en
Haman is met woede vervul.[q]
6 Maar dit was veragtelik in sy
oë om die hand aan Mor′degai
alleen te slaan, want hulle het
hom van Mor′degai se volk ver-
tel; en Haman het ’n manier be-
gin soek om al die Jode wat
in die hele ryk van Ahas′veros
was, Mor′degai se volk,[r] te ver-
delg.[s]

7 In die eerste maand,[t] dit is
die maand Nisan, in die twaalf-
de jaar[a] van koning Ahas′ve-
ros, het iemand die Pur,[b] dit is
die Lot,[c] voor Haman gewerp,
van dag tot dag en van maand
tot maand, tot die twaalfde, dit
is die maand Adar.[d] 8 En Ha-
man het vir koning Ahas′veros
gesê: “Daar is ’n sekere volk wat
verstrooid[e] en afgesonderd is
onder die volke in al die regsge-
biede van u ryk;[f] en hulle wette
is anders as alle ander volke s’n,
en die koning se wette kom hul-
le nie na nie,[g] en dit is vir die ko-
ning nie gepas om hulle te laat
begaan nie. 9 As die koning
dit goedvind, laat daar geskryf
word dat hulle uitgeroei moet
word; en ek sal tienduisend[h] ta-
lente silwer betaal in die hande
van diegene wat die werk doen[i]
deur dit in die koning se skatka-
mer in te bring.”

10 Daarop het die koning sy
seëlring[j] van sy hand afgehaal
en dit gegee aan Haman,[k] die
seun van Hammeda′ta, die Aga-
giet,[l] die een wat vyandskap
teenoor die Jode getoon het.[m]
11 En die koning het vir Ha-
man gesê: “Die silwer[n] word
aan jou gegee, ook die volk, om
met hulle te doen wat goed is
in jou oë.”[o] 12 Die koning se
sekretarisse[p] is toe in die eer-
ste maand geroep, op die der-
tiende dag daarvan, en daar is
geskryf[q] volgens alles wat Ha-
man beveel het aan die koning
se satrape en die goewerneurs
wat oor die verskillende regs-
gebiede was,[r] en die vorste van
die verskillende volke, van elke
regsgebied, in sy eie skryfstyl[s]
en aan elke volk in sy eie taal; in
die naam[t] van koning Ahas′ve-
ros is dit geskryf, en dit is ver-
seël met die koning se seëlring.[u]

13 En die briewe is deur mid-
del van boodskappers[v] na al die

**HFST. 2**
a Est 6:2
b Pr 10:20
c Le 5:1; Est 6:2; Spr 29:24; Ese 33:7
d De 21:22
e De 21:21; Est 9:13
f Esr 4:15; Est 6:1

**HFST. 3**
g Est 3:10; Est 8:7; Est 9:24
h Nu 24:7; 1Sa 15:8; 1Sa 15:32
i Ps 12:8
j Est 1:14
k Est 2:19
l Eks 17:14; Eks 17:16; De 25:19; 1Sa 15:3; Ps 139:21
m Han 5:29
n Da 6:13
o Ne 1:2; Est 2:5
p Est 3:2
q Est 5:9; Spr 12:16; Spr 27:3
r Est 9:20
s Ps 73:6; Ps 83:4
t Eks 12:2; Eks 34:18

**Tweede kol.**
a Est 1:3; Est 2:16
b Est 9:24
c Jl 3:3; Ob 11; Mt 27:35
d Est 9:1
e De 4:27; De 30:3; Ne 1:8; Jer 50:17; Sag 7:14; Jak 1:1
f Est 1:1
g Ps 94:21
h Mt 18:24
i Est 9:3
j Ge 41:42; Est 8:2; Da 6:17
k Est 3:1
l Nu 24:7; 1Sa 15:8
m Est 7:6; Est 9:24
n Est 4:7
o Spr 29:12; Jer 40:4
p Est 8:9
q Ps 94:20; Da 6:8
r Est 1:1; Da 6:1
s Est 1:22
t Da 6:15

u Ge 41:42; Est 8:8; Da 6:17; v 2Kr 30:6; Est 8:14; Jer 51:31.

koning se regsgebiede gestuur,
om al die Jode, jong man sowel
as ou man, kindertjies en vroue,
op een dag,[a] op die dertien-
de dag van die twaalfde maand,
dit is die maand Adar,[b] te ver-
delg, dood te maak en uit te
roei, en om hulle buit te plun-
der.[c] **14** ’n Afskrif van die ge-
skrif wat in al die verskillende
regsgebiede[d] as wet uitgevaar-
dig[e] moes word, is aan al die vol-
ke openbaar gemaak, sodat hul-
le hulle vir dié dag gereed kon
maak. **15** Die boodskappers
het uitgegaan, tot spoed aange-
spoor[f] deur die koning se woord,
en die wet is in die kasteel Su-
san[g] uitgevaardig. Wat die ko-
ning en Haman betref, hulle het
gaan sit om te drink;[h] maar wat
die stad Susan[i] betref, dit was
in verwarring.[j]

**4** En Mor′degai[k] het alles wat
gedoen is,[l] te wete gekom;
en Mor′degai het sy klere ge-
skeur en hom in sak[m] en as[n]
gehul en na die middel van die
stad uitgegaan en hard en bit-
ter geskreeu.[o] **2** Uiteindelik
het hy tot voor die koning se
poort[p] gekom, want niemand
mag in klere van saklinne in
die koning se poort ingekom het
nie. **3** En in al die verskillen-
de regsgebiede,[q] waar die ko-
ning se woord en sy wet ook
al gekom het, was daar groot
rou[r] onder die Jode en ’n gevas[s]
en ’n gehuil en ’n geweeklaag.
Ja, sak[t] en as[u] is vir baie as
’n slaapbank uitgesprei. **4** En
Ester se jong vroue en haar eu-
nugs[v] het begin inkom en haar
daarvan vertel. En die konin-
gin was baie bedroef. Toe het sy
klere gestuur om dit vir Mor′-
degai aan te trek en om sy sak-
linne van hom weg te neem.
En hy het dit nie aanvaar nie.[w]
**5** Hierop het Ester vir Hatag[x]
geroep, een van die koning se
eunugs, wat hy in haar diens ge-
stel het, en sy het hom ’n bevel
aangaande Mor′degai gegee, om
uit te vind wat dit beteken en
waaroor dit alles gaan.

**6** En Hatag het uitgegaan
na Mor′degai op die openba-
re stadsplein wat voor die ko-
ning se poort was. **7** Toe het
Mor′degai hom vertel van al die
dinge wat hom oorgekom het[a]
en die presiese opgawe van die
geld wat Haman gesê het aan
die koning se skatkamer[b] be-
taal sou word teen die Jode,
om hulle uit te roei.[c] **8** En hy
het hom ’n afskrif[d] gegee van
die geskrewe wet wat in Su-
san[e] uitgevaardig is om hulle te
laat verdelg, sodat hy dit vir Es-
ter kon wys en haar kon vertel
en haar kon beveel[f] om na die
koning toe te gaan en hom om
guns te smeek[g] en regstreeks
voor hom aangaande haar volk
versoek te doen.[h]

**9** Hatag[i] het toe ingekom en
Mor′degai se woorde aan Ester
meegedeel. **10** Toe het Ester
vir Hatag gesê en hom aangaan-
de Mor′degai[j] beveel: **11** “Al
die koning se knegte en die volk
van die koning se regsgebiede
weet dat, wat enige man of vrou
betref wat na die koning in die
binneste voorhof[k] gaan sonder
dat hy geroep is, sy een wet[l] is
om hom te laat doodmaak; net
as die koning die goue septer na
hom toe uitsteek, sal hy seker-
lik bly lewe.[m] Wat my betref, dit
is nou dertig dae dat ek nie ge-
roep is om na die koning toe te
gaan nie.”

**12** En hulle het die woorde
van Ester aan Mor′degai mee-
gedeel. **13** Toe het Mor′degai
gesê dat hulle Ester moet ant-
woord: “Moenie in jou siel dink
dat die koning se huisgesin
meer kans sal hê om te ont-
kom as al die ander Jode nie.[n]

**HFST. 3**
a Est 8:12
b Est 9:1
c Est 8:11; Est 9:10
d Est 1:1
e Da 6:15
f Est 8:14
g Da 8:2
h Spr 31:4
i Est 4:16
j Spr 29:2

**HFST. 4**
k Est 2:5
l Est 3:8; Est 3:9
m 1Kn 21:27; Ps 69:11; Op 6:12
n Ese 27:30; Mt 11:21
o Ese 21:6; Mi 1:8
p Est 6:10
q Est 1:1
r Jer 6:26; Am 5:16
s 2Kr 20:3; Esr 8:21; Mt 4:2
t 2Sa 21:10; Jes 58:5
u Ese 27:30; Da 9:3
v Est 2:3; Est 2:14
w Ps 77:2
x Est 4:10

**Tweede kol.**
a Est 3:8
b Est 3:9
c Est 3:13
d Est 3:14
e Est 3:15
f Est 2:20
g Spr 16:15; Pr 10:4
h Est 7:3
i Est 4:5
j Est 2:5; Est 2:7
k Est 5:1
l Da 6:15
m Est 5:2; Est 8:4
n Spr 24:10; Spr 29:25; Joh 12:25

**14** Want as jy in hierdie tyd
heeltemal swyg, sal verligting
en verlossing vir die Jode uit ’n
ander oord kom;[a] maar wat jou
en jou vader se huis betref, jul-
le sal vergaan. En wie weet of jy
nie met die oog op ’n tyd soos
hierdie tot koninklike waardig-
heid gekom het nie?”[b]

**15** Daarop het Ester gesê dat
hulle Mor′degai moet antwoord:
**16** “Gaan, maak al die Jode by-
mekaar wat in Susan[c] gevind
kan word, en vas[d] om my ont-
halwe en julle moet drie dae
lank,[e] nag en dag, nie eet of
drink nie. Ook ek met my jong
vroue,[f] ek sal eweneens vas, en
daarna sal ek na die koning toe
gaan, wat nie volgens die wet is
nie; en as ek moet omkom,[g] dan
moet ek omkom.” **17** Hierop
het Mor′degai weggegaan en ge-
doen volgens alles wat Ester
hom beveel het.

**5** En op die derde dag[h] het
Ester haar koninklik aange-
trek,[i] waarna sy in die binneste
voorhof[j] van die koning se huis
teenoor die koning se huis gaan
staan het, terwyl die koning op
sy koninklike troon gesit het in
die koninklike huis teenoor die
ingang van die huis. **2** En net
toe die koning koningin Ester
in die voorhof sien staan, het sy
guns[k] in sy oë gevind, sodat die
koning die goue septer wat in sy
hand was, na Ester uitgesteek
het.[l] En Ester het nader gekom
en aan die punt van die septer
geraak.

**3** Toe het die koning vir haar
gesê: “Wat het jy, o koningin Es-
ter, en wat is jou versoek?[m] Tot
die helfte van die koningskap[n]
—laat selfs dit aan jou gegee
word!” **4** Hierop het Ester ge-
sê: “As die koning dit goedvind,
laat die koning vandag saam
met Haman[o] na die feesmaal
kom[p] wat ek vir hom berei het.”
**5** Daarop het die koning gesê:
“LAAT Haman gou handel[a] vol-
gens die woord van Ester.” La-
ter het die koning en Haman na
die feesmaal gekom wat Ester
berei het.

**6** Na ’n ruk het die koning
gedurende die wynfeesmaal vir
Ester gesê: “Wat is jou bede?[b]
Laat selfs dit jou toegestaan
word! En wat is jou versoek? Tot
die helfte van die koningskap
—laat selfs dit gedoen word!”
**7** Hierop het Ester geantwoord
en gesê: “My bede en my ver-
soek is: **8** As ek guns in die
koning se oë gevind het[c] en as
die koning dit goedvind om my
bede toe te staan en om aan my
versoek te voldoen, laat die ko-
ning en Haman na die feesmaal
kom wat ek môre vir hulle sal
hou, en môre sal ek handel vol-
gens die koning se woord.”[d]

**9** Gevolglik het Haman daar-
die dag vreugdevol[e] en vro-
lik van hart uitgegaan; maar
toe Haman Mor′degai in die ko-
ning se poort[f] sien en merk dat
hy nie opstaan[g] en weens hom
bewe nie,[h] is Haman onmiddel-
lik met woede[i] teen Mor′degai
vervul. **10** Haman het hom
egter bedwing en in sy huis in-
gegaan. Toe het hy gestuur en
sy vriende en sy vrou Seres[j]
laat inbring; **11** en Haman het
die heerlikheid van sy rykdom[k]
aan hulle bekend gemaak en die
groot getal van sy seuns[l] en al-
les waarin die koning hom groot
gemaak het en hoe hy hom oor
die vorste en die knegte van die
koning verhef het.[m]

**12** En Haman het gesê:
“Boonop het koningin Ester
niemand behalwe my saam met
die koning ingebring na die
feesmaal wat sy berei het nie,[n]
en ook môre[o] is ek saam met die
koning na haar toe uitgenooi.
**13** Maar dit alles—niks daar-

**HFST. 4**
a 1Sa 12:22, Jes 54:17, Jer 30:11, Am 9:8
b Ps 75:7, Jes 14:27, Jes 49:23
c Est 3:15
d 2Kr 20:3, Esr 8:21, Mt 4:2
e Est 5:1
f Est 2:9
g Ps 34:15, Ps 55:22, Ps 62:8, Ps 115:9, Spr 29:25, Ro 16:4

**HFST. 5**
h Est 4:16
i Est 2:17, Est 8:15, Mt 11:8
j Est 4:11, Est 6:4
k Ps 116:7
l Est 4:11, Est 8:4
m Est 7:2, Est 9:12
n Mr 6:23
o Est 3:1, Est 3:8
p Ge 32:20, Spr 17:8

**Tweede kol.**
a Est 6:14
b Est 7:2
c Est 5:3
d Spr 29:11
e Job 20:5, Lu 6:25, Jak 4:9
f Est 2:21, Est 3:3, Est 6:10
g Est 3:2
h Ps 27:3, Ps 139:21, Ps 139:22, Mt 10:28
i Est 3:5, Pr 7:9
j Est 5:14, Est 6:13
k Job 31:24, Ps 49:6, Ps 49:17, Jer 9:23, Mt 23:12, 1Ti 6:17
l Est 9:10, Job 27:14
m Est 3:1, Ps 37:35
n Est 5:5
o Est 5:8

van bevredig my solank ek die
Jood Mor′degai in die koning se
poort sien sit nie.” **14** Daarop
het sy vrou Seres en al sy vrien-
de vir hom gesê: “Laat hulle ’n
paal[a] maak, vyftig el hoog. Sê
dan môreoggend[b] vir die koning
dat hulle Mor′degai daaraan
moet hang.[c] Gaan dan vreug-
devol saam met die koning na
die feesmaal in.” Haman het die
saak toe goedgevind,[d] en hy het
die paal laat maak.[e]

**6** Gedurende daardie nag het
die koning se slaap gewyk.[f]
Daarom het hy gesê dat die
gedenkskrif,[g] die kroniekboek,
gebring moes word. Dit is der-
halwe aan die koning voorge-
lees. **2** Later is daar geskryf
gevind wat Mor′degai bekend
gemaak het[h] oor Bigta′na en
Teres, twee hofbeamptes[i] van
die koning, deurwagters, wat
’n manier gesoek het om die
hand aan koning Ahas′veros
te slaan. **3** Toe het die ko-
ning gesê: “Watter eer en groot-
heid het Mor′degai hiervoor
ontvang?” Hierop het die ko-
ning se bediendes, sy dienaars,
gesê: “Hy het niks ontvang
nie.”[j]

**4** Later het die koning gesê:
“Wie is in die voorhof?” En dit
was Haman wat in die buitenste
voorhof[k] van die koning se huis
ingekom het om vir die koning
te sê om Mor′degai aan die paal
te hang[l] wat hy vir hom gereed-
gemaak het. **5** Daarop het die
koning se bediendes vir hom ge-
sê: “Hier staan Haman[m] in die
voorhof.” Toe het die koning ge-
sê: “Laat hom inkom.”

**6** Toe Haman inkom, het die
koning vir hom gesê: “Wat moet
gedoen word met die man aan
wie dit die koning behaag om
eer te bewys?”[n] Hierop het Ha-
man in sy hart gesê: “Aan wie
sou dit die koning meer behaag
om eer te bewys as aan my?”[a]
**7** Daarom het Haman vir die
koning gesê: “Wat die man be-
tref aan wie dit die koning be-
haag om eer te bewys, **8** laat
hulle koninklike klere[b] bring
waarmee die koning hom klee
en ’n perd waarop die koning
ry[c] en op die kop waarvan die
koninklike hooftooisel gesit is.
**9** En laat die klere en die perd
in die sorg van een van die ko-
ning se edele vorste[d] geplaas
word; en hulle moet dit vir die
man aantrek aan wie dit die ko-
ning behaag om eer te bewys, en
hulle moet hom in die openbare
stadsplein[e] op die perd laat ry,
en hulle moet voor hom uitroep:
‘Só word gedoen met die man
aan wie dit die koning behaag
om eer te bewys.’ ”[f] **10** Dade-
lik het die koning vir Haman ge-
sê: “Maak gou, neem die klere
en die perd, net soos jy gesê het,
en doen so met die Jood Mor′de-
gai wat in die koning se poort
sit. Jy moet niks onvervuld laat
bly van alles wat jy gesê het
nie.”[g]

**11** En Haman het die klere[h]
en die perd geneem en Mor′de-
gai[i] aangetrek en hom in die
openbare stadsplein[j] laat ry en
voor hom uitgeroep:[k] “Só word
gedoen met die man aan wie dit
die koning behaag om eer te be-
wys.”[l] **12** Daarna het Mor′de-
gai na die koning se poort[m] te-
ruggekeer. Wat Haman betref,
hy het hom na sy huis gehaas,
treurend en met sy kop bedek.[n]
**13** En Haman het vir sy vrou
Seres[o] en vir al sy vriende alles
vertel wat hom oorgekom het.
Daarop het sy wyse manne[p] en
sy vrou Seres vir hom gesê: “As
Mor′degai voor wie jy begin val
het, uit die saad van die Jode is,
sal jy nie die oorhand oor hom
kry nie, maar sal jy vir seker
voor hom val.”[q]

**HFST. 5**
a De 21:22; Est 2:23; Est 7:9
b Spr 27:1
c Est 3:2; Est 6:4
d Spr 29:12
e Ps 37:14; Spr 1:18; Spr 21:24; Spr 27:4

**HFST. 6**
f Spr 21:1; Da 2:1; Da 6:18
g Est 10:2
h Est 2:23; Est 7:9
i Est 2:21
j Spr 3:27; Pr 9:15
k Est 4:11; Est 5:1
l Est 5:14; Est 7:9
m Est 3:1
n Spr 14:35; Spr 16:15; Spr 19:12

**Tweede kol.**
a Est 3:2; Est 5:11; Spr 16:18; Spr 18:12; Spr 30:13
b Est 8:15
c 1Kn 1:38
d Est 1:3; Est 1:14; Est 3:1
e Est 3:15; Est 4:6
f Ge 41:43; 2Sa 15:1
g Da 4:37; Lu 14:11
h Est 8:15
i Est 2:5
j Est 4:6
k Lu 1:52
l Est 6:6
m Est 2:21; Ps 131:1
n Ps 44:7
o Est 5:10
p Ge 41:8
q De 32:35; Spr 28:18; Ho 14:9

**14** Terwyl hulle nog met hom
gepraat het, het die koning se
hofbeamptes daar aangekom en
Haman haastig[a] na die fees-
maal[b] geneem wat Ester berei
het.

**7** Toe het die koning en Ha-
man[c] ingekom om saam met
koningin Ester die feesmaal te
hou. **2** En die koning het ook
op die tweede dag gedurende
die wynfeesmaal[d] vir Ester ge-
sê: "Wat is jou bede,[e] o konin-
gin Ester? Laat selfs dit aan
jou gegee word.[f] En wat is jou
versoek? Tot die helfte van die
koningskap[g]—laat selfs dit ge-
doen word!" **3** Hierop het ko-
ningin Ester geantwoord en
gesê: "As ek guns in u oë ge-
vind het, o koning, en as die
koning dit goedvind, laat my
siel[h] aan my gegee word op my
bede en my volk[i] op my versoek.
**4** Want ons is verkoop,[j] ek en
my volk, om verdelg, doodge-
maak en uitgeroei te word.[k] En
as ons as blote slawe[l] en as blo-
te diensmeisies verkoop is, sou
ek stilgebly het. Maar die be-
noudheid is nie gepas wanneer
dit met skade vir die koning ge-
paardgaan nie."

**5** Koning Ahas′veros het toe
gesê, ja, hy het verder vir ko-
ningin Ester gesê: "Wie is dit,[m]
en presies waar is die een wat so
vermetel[n] was om dit te doen?"
**6** Toe het Ester gesê: "Die man,
die teenstander[o] en vyand,[p] is
hierdie slegte Haman."

Wat Haman betref, hy het
verskrik geword[q] weens die ko-
ning en die koningin. **7** Wat
die koning betref, hy het in sy
woede[r] van die wynfeesmaal op-
gestaan om na die tuin van die
paleis te gaan; en Haman het
opgestaan om by koningin Es-
ter aangaande sy siel versoek te
doen,[s] want hy het gesien dat
die koning[a] kwaad teen hom be-
sluit het.[b] **8** En die koning het
van die tuin van die paleis na
die huis van die wynfeesmaal[c]
teruggekeer; en Haman het juis
op die slaapbank[d] neergeval
waarop Ester was. Gevolglik
het die koning gesê: "Gaan die
koningin ook nog verkrag word,
met my in die huis?" Die woord
het uit die koning se mond
uitgegaan,[e] en hulle het Ha-
man se gesig bedek. **9** Harbo′-
na,[f] een van die hofbeamptes[g]
voor die koning, het toe gesê:
"Daar is ook die paal[h] wat in
Haman se huis staan—vyftig el
hoog—wat Haman gemaak het
vir Mor′degai, wat in belang van
die koning gepraat het."[i] Daar-
op het die koning gesê: "HANG
hom daaraan."[j] **10** En hulle
het Haman aan die paal ge-
hang[k] wat hy vir Mor′degai[l] ge-
reedgemaak het; en die koning
se woede het bedaar.

**8** Op daardie dag het koning
Ahas′veros die huis van Ha-
man,[m] die een wat vyandskap
teenoor die Jode getoon het,[n]
vir koningin Ester gegee; en
Mor′degai het voor die koning
gekom, want Ester het vertel
wat hy van haar was.[o] **2** Toe
het die koning sy seëlring[p] af-
gehaal wat hy van Haman weg-
geneem het en dit vir Mor′degai
gegee; en Ester het Mor′degai
oor die huis van Haman aange-
stel.[q]

**3** En Ester het weer voor die
koning gepraat en voor sy voete
neergeval en gehuil en hom om
guns gesmeek[r] om die kwaad[s]
van Haman, die Agagiet, en sy
plan[t] wat hy teen die Jode be-
raam het,[u] af te wend. **4** Toe
het die koning die goue sep-
ter na Ester uitgesteek,[v] waar-
op Ester opgestaan en voor die
koning gaan staan het. **5** En
sy het gesê: "As die koning dit

**HFST. 6**
a Est 5:5
b Est 5:8

**HFST. 7**
c Est 3:1, Est 5:12
d Est 5:6
e Est 5:3
f Est 9:12
g Mr 6:23
h Ge 2:7, 1Ko 15:45
i Est 2:7, Est 4:8
j Est 3:9, Est 4:7, Est 4:8
k Est 3:13, Est 8:11
l Ge 37:27, Ne 5:5, Jl 3:6
m Spr 25:5, Jes 13:11
n Han 5:3
o Ef 6:12
p 1Sa 24:13, Ps 27:2, Pr 5:8
q Da 5:6
r Spr 14:35, Spr 16:14
s Spr 14:19

**Tweede kol.**
a Spr 19:12
b 1Sa 20:9, 1Sa 25:17, Ps 112:10
c Est 7:1
d Est 1:6, Mt 26:20
e Spr 16:14
f Est 1:10
g Ge 37:36, Est 2:21
h Est 5:14
i Est 6:2
j Ps 7:6, Ps 9:15, Ps 35:8, Ps 73:19, Spr 11:6
k Est 5:14
l Ps 37:34, Spr 21:18, 2Pe 2:9

**HFST. 8**
m Est 5:11
n Est 3:8, Est 9:24
o Est 2:5, Est 2:7
p Ge 41:42, Est 3:10, Da 6:17
q Pr 2:18, Da 2:48
r Ho 12:4, Lu 11:9
s Est 3:9
t Est 9:25
u Est 7:4, Est 9:24
v Est 4:11

goedvind, en as ek guns voor
hom gevind het[a] en die saak ge-
pas is voor die koning en ek
goed is in sy oë, laat daar dan
geskryf word om die geskrewe
dokumente ongedaan te maak,[b]
die plan van Haman, die seun
van Hammeda′ta, die Agagiet,[c]
wat hy geskryf het om die Jode
wat in al die koning se regsge-
biede[d] is, uit te roei.[e] **6** Want
hoe kan ek dit verdra wanneer
ek die rampspoed moet aan-
skou wat my volk sal tref, en
hoe kan ek dit verdra wanneer
ek die uitroeiing van my fami-
lielede moet aanskou?”

**7** Toe het koning Ahas′veros
vir koningin Ester en vir die
Jood Mor′degai gesê: “Kyk! Die
huis van Haman het ek vir Es-
ter gegee,[f] en hom het hulle aan
die paal gehang,[g] omdat hy sy
hand teen die Jode uitgesteek
het. **8** En skryf julle in die ko-
ning se naam[h] ten behoewe van
die Jode volgens wat goed is in
julle oë en verseël dit met die
koning se seëlring; want dit is
onmoontlik om ’n geskrif wat in
die koning se naam geskryf is
en met die koning se seëlring
verseël is, ongedaan te maak.”[i]

**9** Toe is die sekretarisse[j] van
die koning in daardie tyd ge-
roep, in die derde maand, dit is
die maand Siwan, op die drie-
en-twintigste dag daarvan; en
daar is geskryf volgens alles
wat Mor′degai beveel het, aan
die Jode en aan die satrape[k] en
die goewerneurs en die vorste
van die regsgebiede van Indië
tot Etiopië, honderd-sewe-en-
twintig regsgebiede,[l] aan elke
regsgebied in sy eie skryfstyl[m]
en aan elke volk in sy eie taal,[n]
en aan die Jode in hulle eie
skryfstyl en in hulle eie taal.[o]

**10** En hy het in die naam
van koning[p] Ahas′veros geskryf
en dit met die koning se seël-
ring[a] verseël[b] en geskrewe do-
kumente gestuur deur die hand
van die boodskappers te perd,[c]
wat op posperde gery het wat in
die koninklike diens gebruik is,
hingsvulle van vinnige merries,
**11** dat die koning aan die Jode
wat in al die verskillende ste-
de was, toegestaan het om by-
mekaar te kom[d] en vir hulle siel
op te staan, om die hele stryd-
mag van die volke[e] en regsge-
bied wat vyandskap teenoor
hulle toon, kindertjies en vroue,
te verdelg en dood te maak en
uit te roei, en om hulle buit te
plunder,[f] **12** op die een dag[g]
in al die regsgebiede van ko-
ning Ahas′veros, op die dertien-
de dag[h] van die twaalfde maand,
dit is die maand Adar.[i] **13** ’n
Afskrif[j] van die geskrif moes as
wet uitgevaardig word dwars-
deur al die verskillende regsge-
biede, openbaar gemaak word
aan al die volke, sodat die Jode
hulle vir hierdie dag gereed
kon maak om hulle op hulle vy-
ande te wreek.[k] **14** Die bood-
skappers,[l] wat op posperde
gery het wat in die koninkli-
ke diens gebruik is, het uitge-
gaan, voortgedryf en tot spoed
aangespoor[m] deur die koning se
woord; en die wet is in die kas-
teel Susan[n] uitgevaardig.

**15** Wat Mor′degai betref, hy
het van die koning af wegge-
gaan in koninklike klere[o] van
blou stof en linne, met ’n groot
goue kroon en ’n mantel van fyn
weefstof,[p] ja, van purperrooige-
kleurde wol.[q] En die stad Su-
san het gejuig en was vol vreug-
de.[r] **16** Vir die Jode was daar
lig en blydskap[s] en verheuging
en eer. **17** En in al die verskil-
lende regsgebiede en in al die
verskillende stede, oral waar
die woord van die koning en sy
wet gekom het, was daar blyd-
skap en verheuging vir die Jode,

**HFST. 8**
a Est 2:17
b Est 3:12; Est 3:14
c Nu 24:7; De 25:19; 1Sa 15:8; Est 9:24
d Est 1:1
e Est 3:9
f Est 8:1; Spr 13:22
g Est 7:10; Ga 3:13
h 1Kn 21:8; Est 3:12
i Da 6:8; Da 6:15
j Est 3:12
k Esr 8:36; Est 9:3; Da 6:1
l Est 1:1
m Est 1:22; Est 3:12
n Da 4:1
o 1Ko 14:9
p Pr 8:4

**Tweede kol.**
a Est 8:2
b Est 3:12
c Est 3:13
d Est 9:2
e Ps 37:14; Ps 68:2
f Est 3:13; Est 9:10; Est 9:15; Est 9:16
g Eks 15:9
h Est 3:13; Est 9:1
i Est 9:17; Est 9:21
j Est 3:14
k Ps 92:11; Ps 149:7; Lu 18:7
l Est 3:13
m Est 3:15
n Est 1:2; Da 8:2
o Ge 41:42; Est 6:8; Lu 16:19
p Mt 11:8
q Eks 25:4; Eks 28:5
r Spr 29:2
s Est 9:17; Ps 18:28; Ps 30:5; Ps 97:11; Spr 11:10; Jes 30:26; Mi 7:8

'n feesmaal[a] en 'n goeie dag; en
baie van die volke[b] van die land
het verklaar dat hulle Jode is,[c]
want vrees[d] vir die Jode het op
hulle geval.

9 En in die twaalfde maand,
dit is die maand Adar,[e] op
die dertiende dag daarvan, toe
die tyd aanbreek dat die koning
se woord en sy wet uitgevoer
moes word,[f] op die dag waar-
voor die vyande van die Jode ge-
wag het om hulle te oorheers,
het juis die teenoorgestelde ge-
beur, deurdat die Jode hulle ha-
ters oorheers het.[g] **2** Die Jode
het in hulle stede in al die
regsgebiede van koning Ahas'-
veros[h] bymekaargekom[i] om die
hand te slaan aan dié wat daar-
op uit was om hulle kwaad
aan te doen,[j] en geen man het
voor hulle standgehou nie, want
vrees[k] vir hulle het op al die
volke geval. **3** En al die vors-
te[l] van die regsgebiede en die
satrape[m] en die goewerneurs en
dié wat die sake[n] van die ko-
ning behartig het, het die Jode
gehelp, want vrees[o] vir Mor'de-
gai het op hulle geval. **4** Want
Mor'degai was groot[p] in die ko-
ning se huis, en sy roem[q] het
dwarsdeur al die regsgebiede
versprei, want die man Mor'de-
gai het al hoe groter geword.[r]

**5** En die Jode het al hulle vy-
ande omgebring met 'n slagting
deur die swaard[s] en met dood-
slag en vernietiging, en hulle
het aan hulle haters gedoen net
wat hulle wou.[t] **6** En in die
kasteel Susan[u] het die Jode
doodgemaak, en daar is vyfhon-
derd man uitgeroei. **7** Ook
Parsanda'ta en Dalfon en As-
pa'ta **8** en Pora'ta en Adal'-
ja en Arida'ta **9** en Parmas'ta
en Ari'sai en Ari'dai en Wai-
sa'ta, **10** die tien seuns[v] van
Haman,[w] die seun van Hamme-
da'ta, die een wat vyandskap
teenoor die Jode getoon het,[a]
het hulle doodgemaak; maar op
die roofgoed[b] het hulle nie hul-
le hand gelê nie.

**11** Op daardie dag het die ge-
tal van dié wat in die kasteel Su-
san doodgemaak is, voor die ko-
ning gekom.

**12** En die koning het vir ko-
ningin Ester[c] gesê: "In die kas-
teel[d] Susan het die Jode dood-
gemaak, en vyfhonderd man en
die tien seuns van Haman is
uitgeroei. Wat het hulle in die
res van die regsgebiede[e] van die
koning gedoen?[f] En wat is jou
bede? Laat selfs dit aan jou ge-
gee word.[g] En wat is jou verdere
versoek?[h] Laat selfs dit gedoen
word." **13** Daarop het Ester
gesê: "As die koning dit goed-
vind,[i] laat dit ook môre aan die
Jode wat in Susan is, toegestaan
word om te doen volgens die
wet van vandag;[j] en laat die tien
seuns van Haman aan die paal
gehang word."[k] **14** Toe het die
koning gesê dat dit gedoen moet
word.[l] Daarna is 'n wet in Susan
uitgevaardig, en die tien seuns
van Haman is gehang.

**15** En die Jode wat in Susan
was, het ook op die veertiende[m]
dag van die maand Adar byme-
kaargekom, en hulle het in Su-
san driehonderd man doodge-
maak; maar op die roofgoed het
hulle nie hulle hand gelê nie.[n]

**16** Wat die res van die Jode
betref wat in die regsgebie-
de[o] van die koning was, hul-
le het bymekaargekom, en hul-
le het opgestaan vir hulle siel,[p]
en hulle het hulle op hulle vy-
ande gewreek,[q] en vyf-en-se-
wentigduisend van hulle ha-
ters is doodgemaak; maar op
die roofgoed het hulle nie hul-
le hand gelê nie, **17** op die der-
tiende dag van die maand Adar;

**HFST. 8**
a Ne 8:10; Est 9:19; Est 9:22
b Ps 18:43
c Sag 8:23
d Est 9:2

**HFST. 9**
e Est 3:7; Est 8:12
f Est 3:13
g De 32:36; 2Sa 22:41; Ps 30:11
h Est 1:1
i Est 8:11
j Ps 71:13; Ps 71:24
k De 11:25; Est 8:17
l Est 3:12; Est 8:9
m Da 6:1
n Est 3:9
o Est 9:1; Ps 31:11
p Est 8:15
q 1Sa 2:30; Sef 3:19
r 2Kr 1:1; Ps 1:3
s Ps 18:34; Ps 18:47; Mi 5:8; 2Te 1:6
t 1Sa 12:22; Ps 34:19; Ps 94:14; Mi 5:9
u Est 1:2; Da 8:2
v Eks 17:14; Eks 17:16; Nu 24:7; Ps 21:10; Ps 109:13
w Est 3:1; Est 3:12; Est 8:5

**Tweede kol.**
a Est 3:8; Est 7:4
b Est 8:11; Est 9:16
c Est 2:17
d Est 3:15
e Est 1:1; Da 6:1
f Est 9:16
g Est 5:6
h Est 8:5
i Est 5:8; Est 7:3
j Est 8:11
k De 21:22; Est 2:23; Est 7:10; Ga 3:13
l Est 9:25
m Est 9:21; Est 9:31
n Est 9:10
o Est 1:1; Da 6:1
p Ge 2:7; Le 17:11; Est 7:3

q De 32:35; Est 8:13; Ps 149:7; Na 1:2; Lu 18:7.

en op die veertiende dag daar-
van was daar rus, en dit is ’n dag
van feesmaal[a] en van blydskap[b]
gemaak.
**18** Wat die Jode betref wat in
Susan was, hulle het op die der-
tiende[c] dag daarvan en op die
veertiende dag daarvan byme-
kaargekom, en op die vyftien-
de dag daarvan was daar rus, en
dit is ’n dag van feesmaal en van
blydskap[d] gemaak. **19** Daar-
om het die plattelandse Jode,
wat die stede in die buitedistrik-
te bewoon het, die veertiende
dag van die maand Adar[e] ’n dag
van blydskap[f] en feesmaal en ’n
goeie dag[g] gemaak waarop hul-
le porsies aan mekaar gestuur
het.[h]
**20** En Mor′degai[i] het hierdie
dinge opgeskryf en geskrewe
dokumente aan al die Jode ge-
stuur wat in al die regsgebie-
de[j] van koning Ahas′veros was,
dié wat naby en dié wat ver was,
**21** om hulle die verpligting op
te lê[k] om gereeld elke jaar die
veertiende dag van die maand
Adar en die vyftiende dag daar-
van te vier, **22** volgens die
dae waarop die Jode van hulle
vyande gerus het[l] en die maand
wat vir hulle van droefheid in
blydskap en van rou[m] in ’n goeie
dag verander is, om dit te vier
as dae van feesmaal en blydskap
en waarop porsies aan mekaar[n]
en geskenke aan die armes[o] ge-
stuur is.
**23** En die Jode het aanvaar
wat hulle begin doen het en
wat Mor′degai aan hulle ge-
skryf het. **24** Want Haman,[p]
die seun van Hammeda′ta,[q] die
Agagiet,[r] die een wat vyand-
skap[s] teenoor al die Jode ge-
toon het, het self ’n plan teen
die Jode beraam om hulle uit te
roei,[t] en hy het die Pur,[u] dit is
die Lot,[v] laat werp om hulle te
verontrus en hulle uit te roei.
**25** Maar toe Ester voor die ko-
ning inkom, het hy met die ge-
skrewe dokument[a] gesê: “Laat
sy bose plan[b] wat hy teen die
Jode beraam het, op sy eie hoof
terugkom”;[c] en hulle het hom
en sy seuns aan die paal ge-
hang.[d] **26** Daarom het hulle
hierdie dae Purim genoem, na
die naam van die Pur.[e] Daarom,
volgens al die woorde van hier-
die brief[f] en wat hulle ten op-
sigte hiervan gesien het en wat
oor hulle gekom het, **27** het
die Jode hulle en hulle nageslag
en almal wat by hulle sou aan-
sluit,[g] die verpligting opgelê en
dit aangeneem, sodat dit nie sou
verbygaan nie, om gereeld elke
jaar hierdie twee dae te vier
volgens wat oor hulle geskryf
is en volgens hulle vasgestelde
tyd. **28** En hierdie dae moes
onthou en gevier word in elke
geslag, elke familie, elke regs-
gebied en elke stad, en hierdie
Purimdae mag nie verdwyn on-
der die Jode en die herdenking[h]
daarvan tot ’n einde kom onder
hulle nageslag nie.
**29** En koningin Ester, die
dogter van Abi′hail,[i] en die Jood
Mor′degai het met alle nadruk
geskryf om hierdie tweede
brief oor die Purim te bevestig.
**30** Toe het hy geskrewe doku-
mente aan al die Jode in die hon-
derd-sewe-en-twintig regsgebie-
de,[j] die ryk van Ahas′veros,[k]
gestuur, met woorde van vrede
en waarheid,[l] **31** om hierdie
Purimdae op hulle vasgestel-
de tye te bevestig, net soos die
Jood Mor′degai en koningin Es-
ter hulle dit opgelê het,[m] en net
soos hulle hulle eie siel en hulle
nageslag dit opgelê het,[n] naam-
lik die sake van die vaste[o] en
hulle hulpgeroep.[p] **32** En die
woord van Ester het hierdie Pu-
rimsake[q] bevestig, en dit is in ’n
boek opgeskryf.

**HFST. 9**
a Est 8:17
b Est 8:16; Ps 58:10
c Est 9:1; Est 9:13; Est 9:15
d Spr 11:10
e Esr 6:15; Est 3:7
f Ps 118:15; Ps 145:7; Jes 65:14
g Ps 124:2; Ps 124:6
h Ne 8:10
i Est 2:5; Est 8:8
j Est 1:1; Da 6:1
k Ps 145:4
l Ps 103:2; Jes 12:1
m Est 4:3
n Est 9:19; Lu 11:41
o Ga 2:10
p Est 3:1
q Est 8:5
r Eks 17:16; Nu 24:7; 1Sa 15:8
s Est 3:10; Est 9:10
t Est 3:9
u Est 3:7
v Jl 3:3; Ob 11; Mt 27:35

**Tweede kol.**
a Est 8:5; Est 8:10; Est 9:13
b Est 8:3
c De 19:19; Ps 7:16; Ps 37:15; Ps 141:10; Da 6:24
d Est 5:14; Est 7:10; Est 9:14
e Est 3:7
f Est 9:20
g Le 19:34; Le 24:22; Rut 1:16; 1Kn 8:43; Est 8:17; Ga 5:3
h Ps 103:2
i Est 2:15
j Est 8:9; Est 9:20
k Est 1:1
l Jes 39:8
m Est 9:21
n Est 9:27
o 2Kr 20:3; Jl 2:12
p Est 4:1; Ps 65:2; Ps 142:1
q Est 9:26

**10** En koning Ahas′veros
het die land en die eilan-
de[a] van die see dwangarbeid[b]
opgelê.
**2** Wat al sy kragtige werk be-
tref en sy magtige dade en die
noukeurige verslag van Mor′de-
gai[c] se grootheid waarmee die
koning hom groot gemaak het,[d]
is dit nie opgeteken in die Kro-
niekboek[e] van die konings van
Medië en Persië[a] nie? **3** Want
die Jood Mor′degai was tweede
in rang[b] onder koning Ahas′ve-
ros en was groot onder die Jode
en goedgekeur deur die menigte
van sy broers, en hy het hom vir
die welsyn van sy volk beywer
en woorde van vrede[c] vir hulle
hele nageslag gespreek.

HFST. 10
a Ge 10:5
b Jos 16:10 Klg 1:1
c Est 2:5
d Est 8:15 Ps 18:35 Da 2:48
e Esr 4:15 Est 6:1

Tweede kol.
a Est 1:3 Da 6:15
b Ge 41:40; Da 5:16; c Ps 125:5; Spr 12:20; Jes 26:12.

# JOB

**1** Daar was ’n man in die land
Us[a] met die naam Job;[b] en
dié man was onberispelik[c] en
regskape[d] en het God gevrees[e]
en afgewyk van die kwaad.[f]
**2** En daar is sewe seuns en
drie dogters vir hom gebore.[g]
**3** En sy vee[h] het bestaan uit
seweduisend skape en driedui-
send kamele en vyfhonderd
spanne beeste en vyfhonderd
eselinne, tesame met ’n baie
groot groep knegte; en dié man
het die grootste van al die Oos-
terlinge[i] geword.
**4** En sy seuns het gegaan en
’n feesmaal gehou[j] in elkeen se
huis op sy dag; en hulle het ge-
stuur en hulle drie susters ge-
nooi om saam met hulle te eet
en te drink. **5** En wanneer die
dae van die feesmaal dan die
kring voltooi het, het Job ge-
stuur en hulle geheilig;[k] en hy
het die oggend vroeg opgestaan
en brandoffers[l] gebring ooreen-
komstig die getal van hulle al-
mal; want, het Job gesê, “mis-
kien het my seuns gesondig en
God in hulle hart[m] vervloek”.[n]
So het Job altyd gedoen.[o]
**6** En die dag het aangebreek
waarop die seuns van die ware
God[p] ingekom het om hulle
plek voor Jehovah in te neem,[a]
en selfs Satan[b] het tussen hulle
ingekom.[c]
**7** Toe het Jehovah vir Satan
gesê: “Waar kom jy vandaan?”
Daarop het Satan Jehovah ge-
antwoord en gesê: “Van ’n
swerftog oor die aarde[d] waarop
ek rondgewandel het.”[e] **8** En
Jehovah het vir Satan gesê:
“Het jy jou hart op my kneg Job
gerig, dat daar niemand soos hy
op die aarde is nie,[f] ’n onberis-
pelike[g] en regskape[h] man, wat
God vrees[i] en afwyk van die
kwaad?”[j] **9** Daarop het Satan
Jehovah geantwoord en gesê:
“Is dit verniet dat Job God ge-
vrees het?[k] **10** Het u nie self
om hom en om sy huis en om al-
les wat hy het, aan alle kante, ’n
heining geplaas nie?[l] Die werk
van sy hande het u geseën,[m]
en sy vee het op die aarde toe-
geneem. **11** Maar steek vir ’n
verandering asseblief u hand
uit en raak alles aan wat hy het
en kyk of hy u nie in u aangesig
sal vervloek nie.”[n] **12** Daar-
op het Jehovah vir Satan gesê:

HFST. 1
a Jer 25:20 Klg 4:21
b Ese 14:14 Ese 14:20 Jak 5:11
c Job 2:3
d Ge 6:9 2Kn 20:3
e Ne 5:15 Spr 8:13 Spr 16:6
f 1Te 5:22 1Pe 3:11
g Ps 127:3 Ps 128:3
h 2Kr 32:29
i Ge 29:1 1Kn 4:30
j Ps 133:1
k Eks 19:10 1Sa 16:5
l Ge 8:20 Ge 12:8
m Mt 15:19
n Spr 30:9
o Ge 18:19
p Ge 6:2 De 33:2 Job 38:7 Da 3:25

Tweede kol.
a Ps 103:20 Da 7:13 Mt 18:10
b Sag 3:1 Mt 4:3 Lu 22:31 Joh 13:2 Op 12:9
c 1Kn 22:19
d Job 2:2
e Mt 12:43 1Pe 5:8
f Nu 12:3 Spr 14:35
g Ge 6:9 Ps 37:37 Joh 1:47
h Ps 84:11 Heb 4:13
i Ne 5:15; Ps 19:9; Pr 12:13; j Ps 34:14; Spr 3:7; Spr 16:17; k Op 12:10; l Ge 15:1; Ge 31:7; De 33:27; Ps 34:7; Ps 105:14; 1Pe 1:5; m Ge 26:12; De 28:2; Ps 5:12; Ps 84:11; Ps 128:2; Spr 10:22; n Jes 8:21.

“Kyk! Alles wat hy het, is in jou
hand. Net teen hom self moet jy
nie jou hand uitsteek nie!” Toe
het Satan van die aangesig van
Jehovah af weggegaan.[a]

**13** En die dag het aange-
breek waarop sy seuns en sy
dogters in die huis van hulle
broer, die eersgeborene, geëet
en wyn gedrink het.[b] **14** En
’n boodskapper[c] het na Job toe
gekom, en hy het gesê: “Die
beeste was aan die ploeg[d] en die
eselinne was langs hulle aan die
wei **15** toe die Sabeërs[e] ’n in-
val gedoen en hulle weggeneem
het, en hulle het die dienaars
met die skerpte van die swaard
verslaan; en ek het ontvlug, net
ek alleen, om dit vir u te ver-
tel.”[f]

**16** Terwyl hierdie een nog
gepraat het, het ’n ander een
gekom en gesê: “Die vuur van
God het uit die hemel geval[g] en
gebrand onder die skape en die
dienaars en hulle verteer; en ek
het ontvlug, net ek alleen, om
dit vir u te vertel.”

**17** Terwyl dié een nog ge-
praat het, het ’n ander een ge-
kom en gesê: “Die Galdeërs[h] het
drie afdelings gevorm en op die
kamele afgestorm en hulle weg-
geneem, en hulle het die die-
naars met die skerpte van die
swaard verslaan; en ek het ont-
vlug, net ek alleen, om dit vir u
te vertel.”

**18** Terwyl hierdie een nog
gepraat het, het nog ’n ander
een gekom en gesê: “U seuns en
u dogters het in die huis van
hulle broer, die eersgeborene,
geëet en wyn gedrink.[i] **19** En
kyk! ’n sterk wind[j] het uit die
gebied van die wildernis gekom,
en dit het die vier hoeke van
die huis getref, sodat dit op die
jong mense geval het en hulle
gesterf het. En ek het ontvlug,
net ek alleen, om dit vir u te
vertel.”

**20** En Job het opgestaan en
sy moulose oorkleed geskeur[a]
en die hare[b] van sy kop afge-
skeer en op die aarde geval[c] en
hom neergebuig[d] **21** en gesê:

“Naak het ek uit my moeder
se skoot gekom,[e]
En naak sal ek daarheen
terugkeer.[f]
Jehovah het gegee,[g] en Jeho-
vah het weggeneem.[h]
Laat die naam van Jeho-
vah voortdurend geloof
word.”[i]

**22** In dit alles het Job nie ge-
sondig of enigiets ongepas aan
God toegeskryf nie.[j]

**2** Later het die dag aange-
breek waarop die seuns van
die ware God ingekom het om
hulle plek voor Jehovah in te
neem, en ook Satan het tussen
hulle ingekom om sy plek voor
Jehovah in te neem.[k]

**2** Toe het Jehovah vir Satan
gesê: “En waar kom jy van-
daan?” Daarop het Satan Je-
hovah geantwoord en gesê:
“Van ’n swerftog oor die aarde
waarop ek rondgewandel het.”[l]
**3** En Jehovah het vir Satan ge-
sê: “Het jy jou hart op my kneg
Job gerig,[m] dat daar niemand
soos hy op die aarde is nie, ’n on-
berispelike en regskape man,[n]
wat God vrees[o] en afwyk van
die kwaad?[p] Hy hou nog steeds
vas aan sy onkreukbaarheid,[q]
hoewel jy my teen hom aanhits[r]
om hom sonder oorsaak te ver-
swelg.”[s] **4** Maar Satan[t] het Je-
hovah geantwoord en gesê: “Vel
vir vel, en alles wat ’n mens het,
sal hy gee vir sy siel.[u] **5** Steek
vir ’n verandering asseblief u
hand uit en raak tot sy gebeen-
te en sy vlees aan en kyk of hy
u nie in u aangesig sal vervloek
nie.”[v]

**HFST. 1**
a Job 2:7
b Job 1:4
c 1Sa 4:17
d 1Kn 19:19
e Job 6:19
f 1Sa 22:20
g Ef 2:2
h Ge 11:28; 2Kn 24:2
i Ps 104:15; Pr 9:7; Pr 10:19
j Ef 2:2

**Tweede kol.**
a Ge 37:34; 1Sa 4:12
b Esr 9:3; Mi 1:16
c 2Sa 12:16; Jes 3:26; Mt 26:39
d Ge 24:26; Eks 34:8; Ne 9:3
e Job 31:15; Ps 127:3; Pr 5:15; 1Ti 6:7
f Ge 3:19; Ps 49:17; Pr 12:7
g Pr 5:19; Jak 1:17
h 1Sa 2:6; Spr 23:5
i Ps 34:1; Da 2:20
j De 32:4; Ro 9:20

**HFST. 2**
k Job 1:6
l Job 1:7
m Job 1:8
n Ge 6:9
o Ne 5:15; Spr 8:13; Spr 16:6
p Ps 34:14; 1Te 5:22
q Job 27:5
r Job 1:11
s Job 9:17
t Job 1:6
u Jer 41:8
v Le 24:15; Job 1:11; Op 12:10

6 Daarop het Jehovah vir Sa-
tan gesê: “Kyk, hy is in jou
hand! Spaar net sy siel!” 7 Toe
het Satan van die aangesig van
Jehovah af weggegaan[a] en Job
met kwaadaardige swere[b] ge-
tref, van die sool van sy voet tot
die kroon van sy kop. 8 En
hy het vir hom ’n erdeskerf ge-
neem om hom mee te krap; en
hy het in die as gesit.[c]
9 Uiteindelik het sy vrou vir
hom gesê: “Hou jy nog vas aan
jou onkreukbaarheid?[d] Ver-
vloek God en sterf!” 10 Maar
hy het vir haar gesê: “Soos een
van die verstandelose[e] vroue
praat, praat jy ook. Sal ons
slegs die goeie van die ware
God aanneem en nie ook die
slegte aanneem nie?”[f] In dit al-
les het Job nie met sy lippe ge-
sondig nie.[g]
11 En drie metgeselle van
Job het gehoor van al hier-
die rampspoed wat hom getref
het, en hulle het gekom, elk-
een van sy eie plek af: E′li-
fas, die Temaniet,[h] en Bildad,
die Suhiet,[i] en Sofar, die Naä-
matiet.[j] Toe het hulle volgens
afspraak byeengekom[k] om met
hom te kom simpatiseer en
hom te vertroos.[l] 12 Toe hul-
le van ver af hulle oë opslaan,
het hulle hom eers nie herken
nie. En hulle het hulle stem ver-
hef en gehuil en elkeen sy mou-
lose oorkleed geskeur[m] en stof
hemelwaarts op hulle koppe ge-
gooi.[n] 13 En hulle het sewe
dae en sewe nagte by hom op
die grond gesit,[o] en niemand
het ’n woord met hom gepraat
nie, want hulle het gesien dat
die pyn[p] baie groot was.

**3** Hierna het Job sy mond oop-
gemaak en ’n vloek oor sy
dag begin uitspreek.[q] 2 Job
het toe geantwoord en gesê:

3 “Mag die dag vergaan waarop ek gebore is,[a]
Ook die nag toe iemand gesê het: ‘’n Man is ontvang!’
4 Wat daardie dag betref, mag dit duisternis word.
Mag God nie van bo af daarna soek nie,
En mag daglig ook nie daaroor skyn nie.
5 Mag duisternis en diep skaduwee dit terugeis.
Mag ’n reënwolk daaroor vertoef.
Mag die dinge wat ’n dag verduister, dit verskrik.[b]
6 Daardie nag—mag donkerheid dit wegneem;[c]
Mag dit nie bly wees onder die dae van ’n jaar nie;
Mag dit nie kom onder die getal van die maanmaande nie.
7 Kyk! Daardie nag—mag dit onvrugbaar word;
Mag geen vreugdegeroep daarin kom nie.[d]
8 Mag vervloekers van die dag dit verwens,
Dié wat gereed is om die Levia′tan[e] wakker te maak.
9 Mag die sterre van sy skemering donker word;
Mag dit op die lig wag en daar niks wees nie;
En mag dit nie die strale van die dagbreek sien nie.
10 Want dit het nie die deure van my moeder se skoot toegemaak[f]
En so moeite vir my oë verberg nie.
11 Waarom het ek nie van die moederskoot af gesterf nie?[g]
Waarom het ek nie uit die skoot uitgegaan en toe

HFST. 2
a Job 1:12
b Eks 9:9, Le 13:18, Job 30:30
c Jer 6:26, Ese 27:30, Jon 3:6, Jon 3:8
d Mal 3:14
e Job 1:11
f Job 1:21, Jak 5:10
g Ps 39:1, Spr 12:13, Jak 5:11
h Ge 36:34, Jer 49:7
i Ge 25:2, 1Kr 1:32
j Job 42:9
k Am 3:3
l Ge 37:35
m Job 1:20
n Ne 9:1, Klg 2:10, Ese 27:30
o Esr 9:3, Jes 3:26
p Job 16:6

HFST. 3
q Jer 20:14

Tweede kol.
a Job 10:18, Jer 15:10, Jer 20:15
b Am 8:10
c Job 10:19
d Jes 24:8
e Job 41:1, Job 41:10, Ps 74:14, Ps 104:26
f Ge 29:31, 1Sa 1:5, Job 10:18
g Jer 15:10, Jer 20:17

die laaste asem uitgeblaas nie?
12 Waarom het knieë my teëgekom,
En waarom borste,[a] dat ek moes drink?
13 Want ek sou nou al gaan lê het sodat ek ongestoord kon wees;[b]
Ek sou dan geslaap het; ek sou rus gehad het[c]
14 Saam met konings en raadgewers van die aarde,[d]
Dié wat vir hulle verlate plekke bou,[e]
15 Of saam met vorste wat goud het,
Dié wat hulle huise met silwer vul;
16 Of ek sou, soos 'n verborge misgeboorte,[f] nie in aansyn gekom het nie,
Soos kinders wat geen lig gesien het nie.[g]
17 Daar het die goddeloses hulle beroering gestaak,[h]
En daar het diegene rus[i] wie se krag uitgeput is.
18 Gevangenes is saam gerus;
Hulle hoor nie die stem van iemand wat hulle dryf om te werk nie.[j]
19 Klein en groot is daar gelyk,[k]
En die slaaf is vrygemaak van sy heer.
20 Waarom gee hy lig aan iemand wat swaar kry,
En lewe aan dié wat bitter van siel is?[l]
21 Waarom is daar dié wat op die dood wag, en dit kom nie,[m]
Hoewel hulle meer daarna bly grawe as na verborge skatte?
22 Dié wat hulle tot jubeling toe verbly,
Hulle verheug hulle omdat hulle 'n graf vind.
23 Waarom gee hy lig aan 'n man wie se weg verborge is[a]
En wat deur God ingekamp word?[b]
24 Want my gesug kom voor my voedsel,[c]
En soos waters word my gebrul uitgestort;[d]
25 Want iets vreesliks het ek gevrees, en dit kom oor my;
En waarvoor ek bang was, tref my.[e]
26 Ek was nie sorgeloos nie, en ook nie ongestoord nie,
En ook het ek geen rus gehad nie, en tog kom die ontsteltenis."

4 En E'lifas,[f] die Temaniet, het geantwoord en gesê:
2 "Sal jy moeg word as 'n mens 'n woord tot jou probeer rig?
Maar wie kan woorde inhou?
3 Kyk! Jy het talle tereggewys,[g]
En die swak hande het jy versterk.[h]
4 Jou woorde het enigiemand wat struikel, opgerig;[i]
En jy het knakkende knieë sterk gemaak.[j]
5 Maar hierdie keer kom dit jou oor, en jy word moeg;
Dit tref jóú, en jy raak ontsteld.
6 Is jou godvrugtige eerbied nie die grondslag van jou vertroue nie?
Is die onkreukbaarheid[k] van jou weë nie jou hoop nie?
7 Dink asseblief hieraan: Wie het ooit onskuldig omgekom?

HFST. 3
a Ps 22:9; Lu 23:29
b Pr 9:5; Pr 9:10
c Job 30:23; Joh 11:11
d 1Kn 2:10; 2Kr 16:14
e Ge 50:26; Jes 22:16; Ese 26:20
f Ps 58:8; Pr 6:3; Ho 9:14
g Ps 49:19
h Ps 9:17
i Ps 146:4; Pr 9:10; Jes 57:2
j Eks 5:6
k Job 30:23; Ps 49:10; Pr 3:20; Pr 8:8; Pr 9:2
l 1Sa 1:10; 2Kn 4:27; Spr 31:6
m Nu 11:15; 1Kn 19:4; Job 7:15; Jon 4:3; Op 9:6

Tweede kol.
a Job 19:8
b Job 12:14; Job 19:8; Klg 3:9; Ho 2:6
c Ps 80:5; Ps 102:9
d Ps 22:1; Ps 38:8; Jes 59:11
e Job 31:23

HFST. 4
f Job 2:11; Job 42:9
g Lu 17:3
h Lu 22:32
i Spr 12:18; Spr 16:23; 1Te 5:14
j Jes 35:3; Heb 12:12
k Job 1:1

En waar is die regskapenes[a] ooit uitgewis?
8 Volgens wat ek gesien het, sal dié wat uitdink wat skadelik is
En dié wat moeilikheid saai, dit ook maai.[b]
9 Deur die asem van God vergaan hulle,
En deur die gees van sy toorn kom hulle aan hulle einde.
10 Daar is die gebrul van 'n leeu en die stem van 'n jong leeu,
Maar die tande van jong maanhaarleeus word uitgebreek.
11 'n Leeu kom om as daar geen prooi is nie,
En die welpies van 'n leeu word van mekaar geskei.
12 'n Woord is dan nou heimlik na my gebring,
En my oor het 'n fluistering daarvan opgevang,[c]
13 In verontrustende gedagtes uit nagvisioene,
Wanneer 'n diep slaap op die mense val.
14 Angs het oor my gekom, en bewing,
En dit het die veelheid van my beendere met angs vervul.
15 En 'n gees het voor my aangesig verbygegaan;
Die hare van my vlees het regop begin staan.
16 Hy het stil gaan staan,
Maar ek het sy voorkoms nie herken nie;
'n Gedaante was voor my oë;
Daar was 'n kalmte, en toe het ek 'n stem gehoor:
17 ''n Sterflike mens—kan hy regverdiger as God wees?
Of kan 'n man reiner as sy Maker wees?'
18 Kyk! In sy knegte het hy geen geloof nie,
En sy boodskappers beskuldig hy van dwaling.
19 Hoeveel te meer dan dié wat in kleihuise woon,
Wie se fondament in die stof is![a]
'n Mens verbrysel hulle gouer as 'n mot.
20 Van die oggend tot die aand word hulle verbrysel;
Hulle vergaan vir ewig sonder dat iemand dit ter harte neem.
21 Is hulle tenttou in hulle nie uitgeruk nie?
Hulle sterf weens gebrek aan wysheid.

5 "Roep asseblief! Is daar iemand wat jou antwoord?
En tot watter een van die heiliges sal jy jou wend?
2 Want die dwaas sal deur ergernis die dood vind,
En die een wat maklik verlok word, sal deur afguns gedood word.
3 Ek het die dwaas sien wortelskiet,[b]
Maar skielik het ek sy woonplek begin vervloek.
4 Sy kinders bly ver van redding af,[c]
En hulle word in die poort verbrysel sonder 'n verlosser.
5 Wat hy oes, eet die een wat honger is;
En selfs van slagtershake haal iemand dit af,
En 'n strik gryp na hulle middele vir lewensonderhoud.
6 Want wat skadelik is, kom nie voort uit blote stof nie,
En moeite spruit nie uit blote grond nie.

HFST. 4
a Job 2:3
Job 42:7
b Ga 6:7
c 1Jo 4:1
Op 16:14

Tweede kol.
a Ge 3:19

HFST. 5
b Ps 37:35
c Ps 109:13
Ps 119:155

7 Want die mens word vir moeite gebore,
Soos die vonke boontoe vlieg.
8 Ek sou my egter tot God wend,
En aan God sou ek my saak voorlê,[a]
9 Aan die Een wat groot, ondeurgrondelike dinge doen,
Wonderlike dinge sonder tal;[b]
10 Aan die Een wat reën op die oppervlak van die aarde gee[c]
En waters oor die oop velde stuur;[d]
11 Aan die Een wat die geringes op ’n hoogte stel,[e]
Sodat die bedroefdes bo-aan staan wat redding betref;
12 Aan die Een wat die planne van die uitgeslapenes verydel,[f]
Sodat hulle hande niks tot stand bring nie;
13 Aan die Een wat die wyses in hulle eie listigheid vang,[g]
Sodat die raad van die geslepenes oorhaastig toegepas word;[h]
14 Selfs bedags ondervind hulle duisternis,
En op die middaguur tas hulle rond asof dit nag is;[i]
15 En aan die Een wat red van die swaard uit hulle mond,
En ’n arme uit die hand van die sterke,[j]
16 Sodat daar vir die geringe hoop kom,[k]
Maar onregverdigheid die mond sluit.[l]
17 Kyk! Gelukkig is die mens wat deur God tereggewys word;[m]
En die dissipline van die Almagtige moet jy nie verwerp nie!
18 Want hy veroorsaak pyn, maar verbind die wond;
Hy verpletter, maar sy hande bewerk die genesing.
19 In ses benoudhede sal hy jou verlos,[a]
En in sewe sal niks skadeliks jou tref nie.[b]
20 Tydens hongersnood sal hy jou beslis van die dood verlos,[c]
En tydens oorlog van die mag van die swaard.
21 Vir die sweep van ’n tong sal jy weggesteek word,[d]
En jy sal nie bang wees vir plundering wanneer dit kom nie.
22 Oor plundering en honger sal jy lag,
En vir die wilde diere van die aarde hoef jy nie bang te wees nie.
23 Want met die klippe van die veld sal jou verbond wees,
En die wilde diere van die veld sal in vrede met jou lewe.[e]
24 En jy sal beslis weet dat vrede jou tent is,
En jy sal sekerlik na jou weiveld gaan kyk, en jy sal niks mis nie.
25 En jy sal beslis weet dat jou nageslag talryk is[f]
En jou nakomelinge soos die plante van die aarde.[g]
26 Jy sal in lewenskrag na die graf kom,[h]
Soos wanneer gerwe op hulle tyd ophoop.
27 Kyk! Dit is wat ons nagevors het. So is dit.
Hoor dit, en jy—weet dit self.”

HFST. 5
a Lu 18:11
b Ps 40:5 Ps 72:18 Ro 11:33
c Ps 65:9
d Job 26:8 Ps 147:8 Han 14:17
e Lu 1:52
f Ne 4:15
g 1Ko 3:19
h Ps 9:15
i Job 12:25 Spr 4:19
j Ps 35:10
k 1Sa 2:8
l Ps 107:42
m Ps 94:12

Tweede kol.
a Ps 34:19
b Spr 24:16
c Ge 45:7
d Spr 12:18 Jak 3:8
e Le 26:6
f Ps 112:2
g Ps 72:16
h De 34:7

6 En Job het geantwoord en gesê:
2 "Ag, as my kwelling[a] maar geheel en al geweeg kon word,
En as hulle maar my teëspoed terselfdertyd op die weegskaal sou sit!
3 Want nou is dit selfs swaarder as die sand van die seë.
Daarom was my woorde wilde praatjies.[b]
4 Want die pyle van die Almagtige is by my,[c]
Waarvan my gees die gif drink;[d]
Die verskrikkinge van God stel hulle teen my op.[e]
5 Sal 'n sebra[f] by gras balk,
Of 'n bul by sy voer bulk?
6 Sal smaaklose dinge sonder sout geëet word,
Of is daar enige smaak in die slymerige sap van heemswortel?
7 My siel het geweier om aan enigiets te raak.
Hulle is soos siekte in my voedsel.
8 Ag, as my versoek maar sou uitkom
En as God maar ook my hoop wou verwesenlik!
9 En as God maar sou voortgaan en my verbrysel,
As hy maar sy hand sou losmaak en my afsny![g]
10 Selfs dit sou nog my vertroosting wees;
En ek sou van vreugde spring[h] oor my geboortepyne,
Hoewel hy geen medelye sou hê nie, want ek het nie die woorde van die Heilige[i] verberg nie.[j]
11 Wat is my krag, dat ek sou bly wag?[k]
En wat is my einde, dat ek my siel sou bly verleng?
12 Is my krag die krag van klippe?
Of is my vlees van koper?
13 Is dit dat ek nie die vermoë het om myself te help nie
En doeltreffende werke van my af verjaag is?
14 Wat iemand betref wat liefderyke goedhartigheid van sy naaste terughou,[a]
Hy sal ook selfs die vrees vir die Almagtige laat vaar.[b]
15 My broers het verraderlik gehandel,[c] soos 'n winterstroom,
Soos die bedding van winterstrome wat bly wegvloei.
16 Hulle is donker van die ys,
Op hulle verberg sneeu hom.
17 Mettertyd word hulle waterloos,[d] hulle is tot swye gebring;
Wanneer dit warm word, word hulle uit hulle plek opgedroog.[e]
18 Die paaie van hulle weg word afgekeer;
Hulle gaan op in die leë plek en vergaan.
19 Die karavane van Tema[f] was op die uitkyk,
Die reisgeselskap van Sabeërs[g] het op hulle gewag.
20 Hulle word beslis beskaam omdat hulle vertrou het;
Hulle het tot reg by die plek gekom en hulle word teleurgestel.[h]
21 Want nou het julle niks geword;[i]
Julle sien verskrikking, en julle word bang.[j]

HFST. 6
a Ps 31:9
b Jak 3:2
c Ps 38:2
d Spr 18:14
e Ps 88:16
f Job 24:5 Jer 14:6
g Nu 11:15 1Kn 19:4 Job 3:21 Jon 4:3
h Job 3:22
i Le 19:2 Ho 11:9 1Pe 1:15
j Ps 40:9 Han 20:27
k Job 7:7 Ps 103:15

Tweede kol.
a Spr 3:3 Spr 19:22 Ho 6:6 Sag 7:9 Mt 25:44
b Job 23:16 1Jo 3:17
c Job 19:19 Ps 38:11
d Jud 12
e Job 24:19
f Jes 21:14 Jer 25:23
g Job 1:15
h Jer 14:3
i Job 13:4
j Ps 38:11

22 Is dit omdat ek gesê het: ‘GEE my iets,
Of gee uit julle vermoë ’n geskenk ten behoewe van my;
23 En red my uit die hand van ’n teenstander,[a]
En uit die hand van tiranne moet julle my verlos’?[b]
24 Onderrig my, en ék sal stilbly;[c]
En laat my insien watter fout ek begaan het.[d]
25 Opregte woorde is tog nie pynlik nie![e]
Maar wat word deur teregwysing van julle kant tereggewys?[f]
26 Is julle daarop uit om woorde tereg te wys,
Wanneer die woorde van ’n wanhopige[g] bloot vir die wind is?[h]
27 Hoeveel te meer sal julle selfs oor ’n vaderlose die lot werp[i]
En julle metgesel verhandel![j]
28 En KOM nou, skenk aandag aan my,
En kyk of ek julle in julle gesig sal belieg.[k]
29 Keer asseblief terug—laat geen onregverdigheid ontstaan nie—
Ja, keer terug—my regverdigheid is nog daarin.[l]
30 Is daar onregverdigheid op my tong,
Of onderskei my verhemelte nie teëspoed nie?

7 “Is daar nie dwangarbeid[m] vir die sterflike mens op die aarde nie,
En is sy dae nie soos die dae van ’n loonarbeider nie?[n]
2 Soos ’n slaaf hyg hy na die skaduwee,[o]
En soos ’n loonarbeider wag hy op sy loon.[a]
3 So is ek die besitter van waardelose maanmaande gemaak,[b]
En nagte van moeite[c] het hulle vir my uitgemeet.
4 Wanneer ek gaan lê het, het ek ook gesê: ‘Wanneer sal ek opstaan?’[d]
En wanneer die aand sy volle maat bereik, was ek ook sat van rusteloosheid tot die oggendskemering toe.
5 My vlees is bekleed met wurms[e] en stofklonte;[f]
My vel het korse gevorm en teer weg.[g]
6 My dae het vinniger geword[h] as ’n wewerspoel,
En hulle kom tot ’n einde in hopeloosheid.[i]
7 Dink daaraan dat my lewe wind is;[j]
Dat my oog die goeie nie weer sal sien nie.
8 Die oog van hom wat my sien, sal my nie aanskou nie;
U oë sal op my wees, maar ek sal daar nie wees nie.[k]
9 Die wolk kom beslis tot ’n einde en gaan weg;
So sal hy wat na Sjeool afdaal, nie opkom nie.[l]
10 Hy sal nie meer na sy huis terugkeer nie,
En sy plek sal hom nie meer erken nie.[m]
11 Ook ek, ek sal nie my mond terughou nie.
Ek sal in die benoudheid van my gees praat;
Ek sal my besig hou met die bitterheid van my siel![n]
12 Is ek ’n see of ’n seemonster,
Dat u ’n wag[o] oor my moet stel?

HFST. 6
a Ge 14:16
b 2Sa 4:9; Ps 55:18
c Job 32:11
d Ps 19:12; Ps 19:13; Spr 19:25
e Spr 12:18; Spr 25:11
f Job 16:3; Job 21:34
g Job 10:1
h Job 8:2
i Job 31:21; Mal 3:5
j Ge 37:28
k Job 27:4
l Job 17:10

HFST. 7
m Job 14:14
n Job 14:6; Ps 39:4
o Jes 25:5

Tweede kol.
a Le 19:13; De 24:15
b Job 29:2
c Ps 6:6
d Job 2:8; Job 30:17
e Jes 14:11
f Job 30:19
g Job 30:30
h Ps 102:11; Ps 103:15; Ps 144:4; Jak 4:14
i Job 17:15; Ro 8:20
j Ps 89:47; Pr 2:11
k Job 7:21; Jak 4:14
l Job 10:21; Job 14:12; Ps 78:39; Pr 9:10
m Ps 103:16; Ps 146:4; Pr 9:5
n 1Sa 1:10; Job 10:1; Spr 14:10
o Job 38:8

13 Wanneer ek gesê het: 'My divan sal my vertroos,
My bed sal my besorgdheid help dra',
14 Het u my selfs met drome verskrik,
En deur visioene laat u my van skrik opspring,
15 Sodat my siel verstikking verkies,
Die dood[a] bo my gebeente.
16 Ek het dit verwerp;[b] tot onbepaalde tyd sal ek nie wil lewe nie.
Laat my met rus, want my dae is 'n asemstoot.[c]
17 Wat is die sterflike mens[d] dat u hom sou grootmaak
En dat u u hart op hom sou rig
18 En dat u elke oggend aan hom aandag sou skenk,
Dat u hom elke oomblik op die proef sou stel?[e]
19 Waarom wil u nie u blik van my afwend[f]
Of my laat staan totdat ek my speeksel insluk nie?
20 As ek gesondig het, wat kan ek uitrig teen u, die Waarnemer van die mensdom?[g]
Waarom het u my as u teiken opgestel, sodat ek vir u 'n las sou word?
21 En waarom vergewe u nie my oortreding[h]
En sien u nie my ongeregtigheid oor nie?
Want nou sal ek in die stof[i] gaan lê;
En u sal my sekerlik soek, en ek sal daar nie wees nie."

8 En Bildad, die Suhiet,[j] het geantwoord en gesê:
2 "Hoe lank sal jy hierdie dinge bly sê,[k]
Terwyl die woorde van jou mond net 'n sterk wind is?[l]
3 Sal God die reg verdraai,[a]
Of sal die Almagtige regverdigheid verdraai?[b]
4 As jou seuns teen hom gesondig het,
Sodat hy hulle in die hand van hulle opstandigheid laat val,
5 As jy na God soek,[c]
En as jy die Almagtige om guns smeek,
6 As jy suiwer en regskape is,[d]
Sou hy nou vir jou wakker word
En sou hy beslis jou regverdige woonplek herstel.
7 Ook was jou begin dalk iets kleins,
Maar jou einde sou later baie groot word.[e]
8 Ja, vra asseblief die vorige geslag,[f]
En rig jou aandag op die dinge wat deur hulle vaders nagespeur is.[g]
9 Want ons was slegs van gister,[h] en ons weet niks,
Omdat ons dae op die aarde 'n skaduwee is.[i]
10 Sal hulle jou nie onderrig, jou nie vertel nie,
En sal hulle nie uit hulle hart woorde voortbring nie?
11 Sal 'n papirusplant[j] hoog groei sonder 'n moerasagtige plek?
Sal 'n riet groot word sonder water?
12 Terwyl dit nog in die knop is, nie afgepluk nie,
Selfs voor al die ander gras sal dit verdroog.[k]
13 So is die paaie van almal wat God vergeet,[l]
En die hoop van 'n afvallige sal vergaan,[m]
14 Wie se sekerheid afgesny is

HFST. 7
a Job 3:21; Op 9:6
b Ge 27:46; 1Kn 19:4; Job 10:1; Jon 4:3
c Ps 62:9; Ps 144:4; Pr 6:11
d Ps 8:4; Ps 103:15; Ps 144:3; Heb 2:6
e De 13:3; Job 23:10; Ps 7:9
f Job 14:6
g Job 34:21; Spr 5:21; Jer 16:17; Heb 4:13; 1Pe 3:12
h Jes 33:24
i Ge 3:19; Ps 104:29; Pr 12:7; Da 12:2

HFST. 8
j Ge 25:2; 1Kr 1:32; Job 42:9
k Job 11:3
l Job 6:26

Tweede kol.
a Ge 18:25; Job 34:12
b De 32:4; 2Kr 19:7
c Job 5:8; Job 11:13; Job 22:23
d Job 1:8; Job 6:24
e Job 42:12
f Job 11:17; Ps 39:5
g Job 15:18
h Ge 47:9
i 1Kr 29:15; Job 14:1; Ps 144:4
j Eks 2:3; Jes 18:2; Jes 35:7
k Ps 129:6
l Job 42:7; Ps 9:17
m Job 27:8

En wie se vertroue die huis van 'n spinnekop is.[a]
15 Hy sal op sy huis steun, maar dit sal nie bly staan nie;
Hy sal dit vasgryp, maar dit sal nie standhou nie.
16 Hy is vol sap in die son,
En in sy tuin kom sy takkie te voorskyn.[b]
17 In 'n kliphoop word sy wortels ineengevleg,
'n Kliphuis aanskou hy.
18 As iemand hom uit sy plek verswelg,[c]
Sal dit hom ook beslis verloën en sê: 'Ek het jou nie gesien nie.'[d]
19 Kyk! Dít is die ontbinding van sy weg;[e]
En uit die stof spruit ander voort.
20 Kyk! God sal niemand verwerp wat onberispelik is nie,
En ook sal hy kwaaddoeners nie by die hand vat nie,
21 Totdat hy jou mond met gelag vervul
En jou lippe met gejuig.
22 Jou haters sal met skaamte beklee word,[f]
En die tent van die goddeloses sal daar nie wees nie."

9 En Job het geantwoord en gesê:
2 "Waarlik, ek weet dat dit so is.
Maar hoe kan 'n sterflike mens reg wees in 'n saak teen God?[g]
3 As hy behae daarin sou skep om met hom te twis,[h]
Kan hy hom nie een keer uit duisend antwoord nie.
4 Hy is wys van hart en sterk in krag.[i]
Wie kan hardkoppig teenoor hom wees en ongedeerd daarvan afkom?[a]
5 Hy verskuif berge,[b] sodat mense nie eens van hulle weet nie,
Hy wat hulle in sy toorn omgekeer het.[c]
6 Hy laat die aarde skud uit sy plek,
Sodat sy pilare[d] sidder.
7 Hy sê vir die son dat dit nie moet skyn nie,
En die sterre verseël hy rondom,[e]
8 Hy wat alleen die hemel uitspan[f]
En op die hoë golwe van die see loop;[g]
9 Wat die Asj-sterrebeeld, die Kesil-sterrebeeld
En die Kima-sterrebeeld[h] en die binnekamers van die Suide maak;
10 Wat groot, ondeurgrondelike dinge doen,[i]
En wonderlike dinge sonder tal.[j]
11 Kyk! Hy gaan by my verby en ek sien hom nie,
En hy gaan verder en ek bemerk hom nie.[k]
12 Kyk! Hy gryp weg. Wie kan hom teëstaan?
Wie sal vir hom sê: 'Wat doen u?'[l]
13 God sal sy toorn nie afwend nie;[m]
Onder hom moet die helpers van 'n bestormer[n] hulle neerbuig.
14 Hoeveel te meer as ek hom antwoord!
Ek sal my woorde teenoor hom kies,[o]
15 Hom wat ek nie sou antwoord nie, al was ek werklik reg.[p]
My teenstander in die regsaak sou ek om guns smeek.[q]

HFST. 8
a Jes 59:5
b Job 5:3; Ps 37:35
c Job 7:10
d Job 20:9
e Job 20:5
f Ps 35:26

HFST. 9
g De 32:4; Ps 143:2; Ro 3:23
h Job 40:2; Ro 9:20
i Job 36:5; Ps 104:24; Jes 40:26; Da 2:20

Tweede kol.
a Spr 14:16; Spr 28:14; Jes 30:1; Da 5:20; Sag 7:12; Ro 2:5; 1Ko 10:22
b Job 28:9
c Jer 10:10; Hab 3:6
d Ps 75:3
e Ge 1:16; Ese 32:7
f Ge 1:1; Ps 33:6; Jes 44:24
g Job 38:11
h Job 38:31; Am 5:8
i Job 5:9; Jes 40:28; Ro 11:33
j Ps 40:5
k Job 23:8; Joh 1:18
l Da 4:35; Ro 9:20
m De 32:22; Jer 17:4
n Job 26:12; Jes 51:9
o Ps 19:14
p Job 10:15
q Mt 5:25; Lu 12:58

16 As ek hom roep, sou hy my antwoord?[a]
Ek glo nie dat hy na my stem sou luister nie;
17 Hy wat my met 'n storm vermorsel
En beslis my wonde sonder rede talryk maak.[b]
18 Hy sal my dit nie vergun om weer asem te skep nie,[c]
Want hy hou aan om my met bitterhede te oorlaai.
19 As iemand sterk is in krag, is hy daar;[d]
En as iemand sterk is in geregtigheid, ag, as ek maar gedagvaar sou word!
20 As ek reg was, sou my eie mond my goddeloos verklaar;
Was ek onberispelik, dan sou hy my verdorwe verklaar.
21 Was ek onberispelik, sou ek my siel nie ken nie;
Ek sou my lewe verwerp.
22 Daar is een ding. Daarom sê ek:
'Aan die onberispelike, asook die goddelose, maak hy 'n einde.'[e]
23 As 'n stortvloed skielik die dood sou meebring,
Sou hy met die wanhoop van die onskuldiges spot.
24 Die aarde is in die hand van die goddelose gegee;[f]
Hy bedek die gesig van die regters.
As dit nie hy is nie, wie is dit dan?
25 Ook het my dae vinniger as 'n hardloper geword;[g]
Hulle het gevlug, hulle sal beslis nie die goeie sien nie.
26 Hulle het voortbeweeg soos rietbote,
Soos 'n arend wat heen en weer skiet op soek na iets om te eet.[a]
27 As ek gesê het: 'Laat ek my besorgdheid vergeet,[b]
Laat ek my gesig verander[c] en vrolik word',
28 Dan was ek bang vir al my pyne;[d]
Ja, ek weet dat u my nie onskuldig sal ag nie.
29 Ek sal tog goddeloos word.
Waarom swoeg ek dan tevergeefs?[e]
30 As ek my in sneeuwater gewas het
En ek my hande in potas gereinig het,[f]
31 Dan sou u my in 'n kuil dompel,
En my klere sou my beslis verfoei.
32 Want hy is nie 'n man[g] soos ek dat ek hom sou antwoord nie,
Dat ons saam na die gereg sou gaan nie.
33 Daar is niemand om tussen ons te beslis,[h]
Dat hy sy hand op ons albei sou lê nie.
34 Laat hy sy roede van my wegneem,[i]
En laat sy skrikwekkendheid my nie verskrik nie.
35 Laat my praat en nie vir hom bang wees nie,
Want in my is ek nie daartoe geneig nie.

10 "My siel het beslis 'n weersin in my lewe.[j]
Ek sal uiting gee aan my besorgdheid oor myself.
Ek sal in die bitterheid van my siel praat!
2 Ek sal vir God sê: 'Moet my nie goddeloos verklaar nie.

HFST. 9
a Ps 102:17 Spr 15:29
b Job 2:3 Job 34:6
c Job 27:3
d Jes 40:28
e Pr 9:2
f 1Jo 5:19
g Job 7:6 Ps 90:10 Jak 4:14

Tweede kol.
a Hab 1:8
b Job 7:13
c Spr 15:13
d Job 21:6
e Ps 73:13 Jer 2:35
f Jer 2:22 Mal 3:2
g Nu 23:19 Jes 45:9 Jer 49:19 Ro 9:20
h 1Sa 2:25 1Ti 2:5
i Job 13:21 Ps 39:10

HFST. 10
j Nu 11:15 1Kn 19:4 Job 7:16 Jon 4:3 Ro 8:20

Maak aan my bekend
waarom u met my twis.
3 Is dit goed vir u dat u onreg
sou doen,[a]
Dat u die vrug van die
harde werk van u hande
sou verwerp[b]
En dat u oor die raad van
die goddeloses lig sou
laat skyn?
4 Het u oë[c] van vlees,
Of sien u soos 'n sterflike
mens sien?[d]
5 Is u dae soos die dae van 'n
sterflike mens,[e]
Of u jare net soos die dae
van 'n man,
6 Dat u my oortreding sou
probeer vind
En na my sonde sou bly
soek?[f]
7 Dit, al weet u dat ek nie verkeerd
is nie[g]
En daar niemand is wat
uit u hand verlos nie?[h]
8 U hande het my gevorm sodat
hulle my gemaak
het,[i]
Heeltemal rondom, en tog
wil u my verswelg.
9 Dink asseblief daaraan dat u
my uit klei[j] gemaak het
En my tot stof sal laat terugkeer.[k]
10 Het u my nie soos melk uitgegiet
En my soos kaas laat dik
word nie?[l]
11 Met vel en vlees het u my beklee
En met beendere en senings
my aanmekaargeweef.[m]
12 Lewe en liefderyke goedhartigheid
het u vir my bewerk;[n]
En u sorg[o] het my gees bewaak.
13 En hierdie dinge het u in u
hart verberg.

HFST. 10
a Ge 18:25 De 32:4 Ro 3:8
b Job 14:15 Ps 138:8 Jes 64:8
c Ps 11:4
d 1Sa 16:7
e Ps 90:2 Jer 10:10 Heb 1:12
f Job 10:14 Ro 3:12
g Job 1:8 Ps 139:1
h De 32:39
i Ps 119:73 Ps 139:13 Ps 139:15
j Ge 2:7 Jes 45:9 Ro 9:21
k Ge 3:19 Ps 104:29 Pr 12:7
l Jes 64:8
m Ps 139:15
n Ps 139:16
o Ps 8:4

Tweede kol.
a Ps 139:1
b Nu 14:18
c Jes 3:11
d Job 9:15 Lu 17:10
e Ps 25:18 Ps 119:153
f 2Sa 22:28 Job 40:11 Jes 2:11 Lu 1:51 Jak 4:6
g Jes 38:13
h Job 3:11 Jer 20:18
i Job 7:6 Job 14:1 Ps 39:5 Ps 103:15
j Job 9:27 Ps 39:13
k Job 7:9 Ps 115:17 Jes 38:11
l Job 3:5 Job 38:17 Ps 23:4 Ps 88:12 Pr 9:10

Ek weet goed dat hierdie
dinge by u is.
14 As ek gesondig het en u
voortdurend op my ag
gegee het[a]
En u my met betrekking
tot my oortreding nie
onskuldig ag nie;[b]
15 As ek verkeerd is, wee my![c]
En as ek reg is, mag ek my
kop nie oplig nie,[d]
Oorversadig van oneer
en deurdrenk van ellende.[e]
16 En as dit hoogmoedig handel,[f]
sal u soos 'n jong
leeu op my jag maak,[g]
En u sal in my geval weer
wys dat u wonderbaar
is.
17 U sal u nuwe getuies voor
my bring,
En u sal u ergernis teen
my groter maak;
Teëspoed op teëspoed is
by my.
18 Waarom het u my dan uit
'n moederskoot laat
kom?[h]
As ek maar kon gesterf
het, sodat geen oog my
kon sien nie,
19 Daar moes ek geword het
asof ek nooit bestaan
het nie;
Van die moederskoot af
moes ek na die graf gebring
gewees het.'
20 Is my dae nie min nie?[i] Laat
hy ophou,
Laat hy sy blik van my afwend,
sodat ek 'n bietjie
vrolik[j] kan wees
21 Voordat ek weggaan—en ek
sal nie terugkom nie[k]—
Na die land van duisternis
en diep skaduwee,[l]
22 Na die land waar die duisternis
soos die donkerheid
is, die land van diep
skaduwee

En wanorde, waar dit net so min as die donkerheid straal."

11 En Sofar, die Naämatiet,[a] het geantwoord en gesê:
2 "Sal 'n menigte woorde onbeantwoord bly,
Of sal 'n blote grootprater reg wees?
3 Sal jou leë praatjies manne tot swye bring,
En sal jy bly spot sonder dat iemand jou bestraf?[b]
4 Ook sê jy: 'My onderrig[c] is suiwer,
En ek was werklik rein[d] in u oë.'
5 Maar ag, as God maar sou praat
En sy lippe teenoor jou open![e]
6 Dan sou hy jou die geheime van wysheid vertel,
Want die dinge van praktiese wysheid is menigvuldig.
Ook sou jy weet dat God toelaat dat 'n deel van jou oortreding vir jou vergeet word.[f]
7 Kan jy die diep dinge van God deurgrond,[g]
Of kan jy die Almagtige tot die uiterste deurgrond?
8 Dit is hoër as die hemel. Wat kan jy uitrig?
Dit is dieper as Sjeool.[h] Wat kan jy weet?
9 Langer as die aarde is die afmetings daarvan,
En breër as die see.
10 As hy verder gaan en iemand oorlewer
En 'n hofsitting byeenroep, wie kan hom dan teëstaan?
11 Want hy ken die leuenagtige manne goed.[i]
Sal hy nie ook ag gee wanneer hy sien wat skadelik is nie?
12 Selfs 'n leeghoofdige man sal 'n goeie beweegrede kry
Sodra 'n eselagtige sebra as 'n mens gebore word.
13 As jy werklik jou hart voorberei
En jou palms na hom uitstrek,[a]
14 As wat skadelik is, in jou hand is, moet jy dit ver weg verwyder,
En laat geen onregverdigheid in jou tente woon nie.
15 Want dan sal jy jou aangesig sonder smet ophef,[b]
En jy sal beslis bevestig word, en jy sal nie vrees nie.
16 Want jy—jy sal moeite vergeet;
Soos aan waters wat verbygevloei het, sal jy daaraan dink.
17 En helderder as die middag sal jou lewensduur[c] oprys;
Die duisternis sal soos die oggend word.[d]
18 En jy sal sekerlik vertrou omdat daar hoop bestaan;
En jy sal beslis noukeurig rondkyk—in veiligheid sal jy gaan lê.[e]
19 En jy sal jou inderdaad uitstrek, sonder dat iemand jou laat bewe.
En baie mense sal jou beslis in 'n vriendelike stemming bring;[f]
20 En die oë van die goddeloses sal ingee;[g]
En 'n toevlugsoord sal beslis vir hulle verlore gaan,[h]

HFST. 11
a Job 42:9
b Job 12:4
c Job 6:10
d Job 6:29 Job 10:7
e Job 38:1
f Esr 9:13
g Pr 3:11 Ro 11:33
h Ps 139:8
i Ps 94:11 Sef 3:5

Tweede kol.
a Ps 143:6
b Ge 4:5
c Ps 39:5 Ps 89:47
d Ps 112:4 Jes 58:8
e Le 26:6 Ps 3:5 Spr 3:24
f Ps 45:12
g Le 26:16
h Job 8:14 Job 18:14

En hulle hoop sal ’n af-
sterwing van die siel
wees.”[a]

12 En Job het geantwoord
en gesê:
2 “Waarlik, julle is die volk,
En met julle sal die wys-
heid uitsterf![b]
3 Ook ek het ’n hart[c] net soos
julle.
Ek staan nie vir julle te-
rug nie,[d]
En by wie is daar nie sul-
ke dinge nie?
4 Ek word iemand wat ’n voor-
werp van bespotting
vir sy medemens is,[e]
Iemand wat God aanroep
sodat hy hom sou ant-
woord.[f]
’n Voorwerp van bespot-
ting is die regverdige,
die onberispelike.
5 In sy gedagte verag die sor-
gelose ondergang;[g]
Dit is berei vir dié met
wankelende voete.[h]
6 Die tente van die plunde-
raars is onbesorg,[i]
En dié wat God se woede
verwek, het die veilig-
heid
Wat behoort aan iemand
wat ’n god in sy hand
gebring het.[j]
7 Maar vra asseblief die mak
diere, en hulle sal jou
onderrig;[k]
Ook die voëls van die he-
mel, en hulle sal jou
vertel.[l]
8 Of rig jou aandag op die aar-
de, en dit sal jou onder-
rig;[m]
En die visse van die see[n]
sal dit aan jou bekend
maak.
9 Wie onder hulle almal weet
nie goed
Dat die hand van Jehovah
dit gedoen het nie,[o]
10 In wie se hand die siel[a] is van
almal wat lewe,
En die gees van alle mens-
like vlees?[b]
11 Toets die oor nie woorde[c]
Soos die verhemelte[d]
voedsel proe nie?
12 Is daar nie wysheid onder
die bejaardes[e]
En verstand in lengte van
dae nie?
13 By hom is wysheid en mag;[f]
Hy het raad en verstand.[g]
14 Kyk! Hy breek af, sodat daar
nie opgebou word nie;[h]
Hy sluit dit vir die mens,
sodat dit nie oopge-
maak word nie.[i]
15 Kyk! Hy hou die waters te-
rug, en hulle droog op;[j]
En hy stuur hulle, en hul-
le verander die aarde.[k]
16 By hom is sterkte en prak-
tiese wysheid;[l]
Aan hom behoort die een
wat ’n fout begaan en
die een wat ander op ’n
dwaalspoor bring;[m]
17 Hy laat raadgewers kaalvoet
loop,[n]
En hy laat regters waan-
sinnig word.
18 Die boeie van konings maak
hy los,[o]
En hy bind ’n gordel om
hulle heupe.
19 Hy laat priesters kaalvoet
loop,[p]
En dié wat permanent ge-
setel is, werp hy om-
ver;[q]
20 Hy verwyder die spraak van
die getroues,
En die verstandigheid van
ou manne neem hy weg;
21 Hy stort veragting op edeles
uit,[r]
En die gordel van die mag-
tiges maak hy slap;
22 Hy lê diep dinge uit die duis-
ternis bloot,[s]

HFST. 11
a Op 9:6

HFST. 12
b Jes 5:21
c Job 13:2
Spr 2:10
d 2Ko 11:5
e Job 16:10
Job 17:2
Job 30:1
Ps 22:7
Heb 11:36
f Ps 91:15
Mi 7:7
g Spr 13:9
h De 32:35
i Job 21:7
Ps 37:35
Ps 73:12
Jer 12:1
j Rig 17:5
k Spr 6:6
Jes 1:3
Ro 1:20
l Jer 8:7
m Ps 19:4
Ps 148:9
n Ge 1:20
o Jer 27:5
Ro 11:36

Tweede kol.
a Ese 18:4
b Nu 16:22
Ps 104:30
Pr 12:7
Da 5:23
c 1Ko 10:15
d Job 34:3
e Le 19:32
Job 32:7
Spr 16:31
Spr 20:29
f Job 9:4
Job 36:5
Jes 44:25
Da 2:20
g Ps 147:5
Jes 40:14
Jer 10:12
Ro 11:34
h Jes 31:2
Jer 51:64
Mal 1:4
Jud 7
i Jes 22:22
j Ge 8:1
Eks 14:21
Na 1:4
k Ge 6:17
1Kn 8:36
Ps 104:8
l Job 12:13
Ro 1:20
m 1Kn 22:22
n Jes 29:14
Jes 44:25
o Da 2:21
p Jer 14:18
Jer 52:24
q Lu 1:52
r Ps 107:40
s Da 2:22
Mt 10:26
1Ko 4:5

En hy bring diep skaduwee uit in die lig;
23 Hy laat die nasies groot word, sodat hy hulle kan vernietig;[a]
Hy brei die nasies uit, sodat hy hulle kan wegvoer;
24 Hy neem die hart van die volkshoofde van die land weg,
Sodat hy hulle kan laat ronddwaal in 'n leë plek,[b] waar daar geen pad is nie.
25 Hulle tas in die duisternis rond,[c] waar daar geen lig is nie,
Sodat hy hulle kan laat ronddwaal soos 'n dronk man.[d]

13 "Kyk! Dit alles het my oog gesien,
My oor het dit gehoor en gee ag daarop.
2 Wat julle weet, weet ek ook goed;
Ek staan nie vir julle terug nie.[e]
3 Maar ék sou met die Almagtige wou praat,[f]
En ek sou behae daarin skep om met God te redeneer.
4 Julle daarenteen beswadder met leuens;[g]
Julle is almal kwaksalwers.[h]
5 As julle maar net heeltemal wou stilbly,
Sodat dit wysheid van julle kant sou wees![i]
6 Hoor asseblief my teenargumente,[j]
En skenk aandag aan die pleidooie van my lippe.
7 Sal julle namens God onregverdigheid spreek,
En sal julle namens hom bedrog spreek?[k]
8 Sal julle hom partydig behandel,[a]
Of sal julle vir die ware God 'n regstryd voer?
9 Sou dit goed wees as hy julle pols?[b]
Of sal julle hom vir die gek hou soos 'n sterflike mens vir die gek gehou word?
10 Hy sal julle gewis teregwys[c]
As julle in die geheim partydigheid probeer toon;[d]
11 Sal sy waardigheid julle nie van skrik laat opspring
En vrees vir hom op julle val nie?[e]
12 Julle gedenkwaardige gesegdes is spreuke van as;
Julle skildknoppe is soos skildknoppe van klei.[f]
13 SWYG voor my, sodat ek kan praat.
Laat dan oor my kom wat wil!
14 Waarom neem ek my vlees in my tande
En plaas ek my siel in my palm?[g]
15 Al sou hy my ombring, sou ek dan nie wag nie?[h]
Ek sou net ten gunste van my eie weë voor sy aangesig redeneer.
16 Hy sou ook my redding wees,[i]
Want voor hom sal geen afvallige inkom nie.[j]
17 LUISTER na my woorde tot die einde toe,[k]
En laat my verklaring in julle ore wees.
18 Kyk asseblief, ek het 'n regsaak voorgelê;[l]
Ek weet goed dat ek reg is.
19 Wie is dit wat met my sal twis?[m]
Want as ek nou sou stilbly, sou ek eenvoudig sterf!

HFST. 12
a Op 16:14
b Ps 107:4; Ps 107:40
c De 28:29; 1Jo 2:11
d Ps 107:27

HFST. 13
e Job 12:3; 2Ko 11:5
f Job 23:3; Job 29:4; Job 31:35
g Ps 119:69
h Job 6:21; Job 16:2; Jer 6:14; Ese 34:4
i Spr 17:28; Jak 1:19
j Spr 18:13
k Jer 14:14

Tweede kol.
a Spr 24:23
b Ps 139:23; Jer 17:10
c Ps 50:21
d Ps 82:2; Jak 2:9
e Ne 5:9
f Job 4:19
g Rig 12:3; 1Sa 19:5; Ps 119:109
h Job 19:25; Ps 23:4
i Eks 15:2; Ps 27:1; Jes 12:2
j Job 8:13; Job 27:8; Job 36:13; Ps 24:3; Jes 33:14
k Spr 18:13
l 1Ko 10:12
m Job 33:6; Jes 50:8

20 Moet my net twee dinge nie aandoen nie;
Dan sal ek my nie bloot weens u[a] verberg nie;
21 Verwyder u hand ver van my af,
En die skrik vir u—mag dit my nie verskrik nie.[b]
22 Roep sodat ek kan antwoord;
Of laat ek praat, en gee u my antwoord.
23 In watter opsig het ek oortredings en sondes?
Maak aan my my opstandigheid en my sonde bekend.
24 Waarom verberg u u aangesig[c]
En beskou u my as 'n vyand van u?[d]
25 Sal u 'n blote blaar wat rondgewaai word, laat sidder,
Of voortdurend 'n droë stoppel agternasit?
26 Want u bly bitter dinge teen my skryf[e]
En u laat my die gevolge van die oortredings van my jeug dra.[f]
27 Ook hou u my voete voortdurend in die blok,[g]
En u gee ag op al my paaie;
Vir my voetsole trek u u streep.
28 En hy is soos iets verrots wat vergaan;[h]
Soos 'n kleed wat deur 'n mot opgeëet word.[i]

14 "Die mens, uit 'n vrou gebore,[j]
Lewe 'n kort rukkie[k] en is sat van ontsteltenis.[l]
2 Soos 'n bloeisel het hy te voorskyn gekom en word hy afgesny,[m]
En hy vlug soos die skaduwee[a] en bly nie bestaan nie.
3 Ja, oor dié een het u u oog oopgemaak,
En u bring my in die gerig[b] met u.
4 Wie kan 'n reine uit 'n onreine voortbring?[c]
Daar is nie een nie.
5 As sy dae vasgestel is,[d]
Is die getal van sy maande by u;
'n Verordening het u vir hom gestel wat hy nie kan oorskry nie.
6 Wend u blik van hom af sodat hy rus kan hê,[e]
Totdat hy soos 'n loonarbeider behae skep in sy dag.
7 Want selfs vir 'n boom is daar hoop.
As hy afgekap word, sal hy weer uitspruit,[f]
En sy takkie sal nie ophou bestaan nie.
8 As sy wortel oud word in die aarde
En sy stomp in die stof sterf,
9 Sal hy uitspruit as hy water ruik,[g]
En hy sal beslis 'n tak voortbring soos 'n nuwe plant.[h]
10 Maar 'n man sterf en lê oorwonne;
En 'n mens blaas die laaste asem uit, en waar is hy?[i]
11 Waters verdwyn uit 'n see,
En 'n rivier loop leeg en droog op.[j]
12 Ook die mens moet gaan lê en staan nie op nie.[k]
Totdat die hemel nie meer daar is nie, sal hulle nie wakker word nie,[l]
Ook sal hulle nie uit hulle slaap gewek word nie.[m]

**HFST. 13**
a Job 33:7
b Job 9:34; Ps 119:120; Heb 10:31
c Ps 10:1; Ps 13:1; Ps 44:24
d Klg 2:5
e De 32:32; Rut 1:20; Job 16:9; Job 19:11; Job 33:10
f Ps 25:7; Jer 31:19
g Job 33:11
h Ho 5:12
i Ps 39:11; Jes 50:9; Jak 5:2

**HFST. 14**
j Ps 51:5; 1Ko 11:12
k Ps 39:5; Ps 90:10; Jak 4:14
l Ge 3:19; Ge 47:9; Pr 2:23
m Ps 103:15; Jes 40:6; Jak 1:10; 1Pe 1:24

**Tweede kol.**
a 1Kr 29:15; Ps 102:11; Ps 144:4; Pr 8:13
b Ps 143:2
c Ge 5:3; Ps 51:5; Joh 3:6; Ro 5:12
d Ps 39:4; Lu 12:20
e Ps 39:13
f Jes 11:1; Da 4:26; Da 11:7
g Ps 1:3
h 1Ko 15:36
i Ge 49:33; Pr 3:19; Pr 9:10
j Job 6:17; Jer 15:18
k Pr 9:5; Pr 12:5
l Jes 51:6; Heb 1:11
m Ps 13:3; Jer 51:39; Joh 11:11; Han 7:60

13 Ag, as u my maar in Sjeool wou verberg,[a]
As u my maar weggesteek wou hou totdat u toorn bedaar,
As u maar vir my 'n tydgrens[b] wou stel en aan my wou dink![c]
14 As 'n man sterf, kan hy weer lewe?[d]
Al die dae van my dwangarbeid sal ek wag,[e]
Totdat my verligting kom.[f]
15 U sal roep, en ek sal u antwoord.[g]
Na die werk van u hande sal u vurig verlang.
16 Want nou bly u my treë tel;[h]
U gee ag op niks anders as my sonde nie.[i]
17 My opstandigheid is in 'n sak verseël,[j]
En u smeer gom oor my oortreding.
18 Maar 'n berg wat val, sal verbrokkel,
En selfs 'n rots sal uit sy plek verskuif word.
19 Water laat selfs klippe beslis verweer;
Die uitstorting daarvan spoel die aarde se stof weg.
So het u die hoop van die sterflike mens vernietig.
20 U oorweldig hom vir ewig sodat hy weggaan;[k]
U misvorm sy gesig sodat u hom wegstuur.
21 Sy seuns word geëer, maar hy weet dit nie;[l]
En hulle word onbeduidend, maar hy gee nie ag op hulle nie.
22 Net sy vlees sal bly pyn terwyl dit aan hom is,
En sy siel sal bly treur terwyl dit in hom is."

15 En E'lifas, die Temaniet, het geantwoord en gesê:
2 "Sal 'n wyse mens met winderige kennis antwoord,[a]
Of sal hy sy buik met die oostewind[b] vul?
3 Blote teregwysing met 'n woord sal van geen nut wees nie,
En blote woorde sal op sigself geen voordeel bring nie.
4 Maar jy maak vrees voor God kragteloos,
En jy laat alle oordenking voor God afneem.
5 Want jou oortreding onderrig jou mond,
En jy kies die tong van die uitgeslapenes.
6 Jou mond verklaar jou goddeloos, en nie ek nie;
En jou eie lippe getuig teen jou.[c]
7 Is jy die heel eerste mens wat gebore is,[d]
Of is jy voor die heuwels[e] met geboortepyne voortgebring?
8 Luister jy na die vertroulike woorde van God,[f]
En beperk jy die wysheid tot jouself?
9 Wat weet jy nou eintlik wat ons nie weet nie?[g]
Wat verstaan jy wat nie ook by ons is nie?
10 Die grysaard sowel as die bejaarde is by ons,[h]
Die een wat ryker aan dae is as jou vader.
11 Is die vertroostinge van God nie vir jou genoeg nie,
Of 'n woord wat met sagtheid tot jou gespreek word?
12 Waarom voer jou hart jou weg,
En waarom flits jou oë?

HFST. 14
a Ge 44:29 1Sa 2:6 Jes 57:2
b Joh 5:28
c Lu 23:42 Heb 11:35
d Joh 11:25 Han 26:8 1Ko 15:12 Op 20:13
e Ro 8:20 Heb 11:13 Jak 5:8
f Job 19:25
g Da 12:13 Joh 5:28 Joh 11:43
h Ps 139:3 Jer 32:19
i Ps 130:3
j De 32:35 Ho 13:12
k Job 4:20 Pr 8:8 Jes 57:16
l 1Sa 4:20 Ps 39:6 Pr 9:6 Jes 63:16

Tweede kol.

HFST. 15
a Job 42:7
b Ho 12:1
c Job 42:8
d Ge 4:1
e Ps 90:2 Spr 8:25
f Ro 11:34 1Ko 2:11
g Job 13:2 Job 16:2
h Job 32:6

13 Want jy rig jou gees teen God,
En jy het woorde uit jou mond laat uitgaan.
14 Wat is die sterflike mens dat hy rein sou wees,[a]
Of dat iemand wat uit 'n vrou gebore is, reg sou wees?
15 Kyk! In sy heiliges het hy geen geloof nie,[b]
En die hemele is nie rein in sy oë nie.[c]
16 Hoeveel minder wanneer iemand verfoeilik en verdorwe is,[d]
'n Man wat onregverdigheid indrink soos water!
17 Ek sal jou dit meedeel. Luister na my![e]
Ook dit het ek aanskou; laat ek dit dus vertel,
18 Dit wat wyse mense[f] vertel
En wat hulle nie weggesteek het nie, aangesien dit van hulle vaders kom.
19 Aan hulle alleen is die land gegee,
En geen vreemdeling het tussen hulle deurgetrek nie.
20 Al sy dae ondergaan die goddelose foltering,
Ja, die aantal jare wat vir die tiran weggelê is.
21 Die geluid van vreeslike dinge is in sy ore;
Terwyl daar vrede is, oorval 'n plunderaar hom.[g]
22 Hy glo nie dat hy uit die duisternis sal terugkom nie,[h]
En hy is vir 'n swaard bestem.
23 Hy dwaal rond op soek na brood—waar is dit?[i]
Hy weet goed dat die dag van duisternis[j] gereed is by sy hand.

HFST. 15
a 2Kr 6:36 Ps 51:5
b 1Kn 22:20 Spr 8:30 Am 3:7
c Job 25:5 Job 42:7
d Job 4:19
e Job 5:27
f Job 8:8
g 1Te 5:3
h Job 18:12 Jes 8:22 Jud 13
i Ps 59:15 Ps 109:10
j Job 18:12

Tweede kol.
a Ro 2:9
b Job 16:2 Job 42:7
c Ps 17:10
d Job 20:28
e Job 4:9
f Job 22:16

24 Benoudheid en angs bly hom verskrik;[a]
Dit oorweldig hom soos 'n koning wat gereed is vir die aanval.
25 Omdat hy sy hand teen God uitsteek
En hy probeer wys dat hy hoër is as die Almagtige;[b]
26 Omdat hy hom hardnekkig stormloop,
Met die dik knoppe van sy skilde;
27 Omdat hy sy gesig met sy vettigheid bedek
En hy vet op sy lendene aansit,[c]
28 Woon hy net in stede wat uitgewis gaan word;
In huise waarin mense nie sal bly woon nie,
Wat beslis bestem is om kliphope te word.
29 Hy sal nie ryk word nie en sy rykdom sal nie ophoop nie,
Ook sal hy nie wat hulle verwerf het, oor die aarde uitbrei nie.[d]
30 Hy sal die duisternis nie ontwyk nie;
'n Vlam sal sy takkie verdroog,
En hy sal deur 'n geblaas van Sy mond wyk.[e]
31 Laat hom geen geloof stel in waardelose dinge nie, aangesien hy op 'n dwaalspoor gebring word,
Want wat hy in ruil daarvoor kry, sal blote waardeloosheid wees;
32 Voor sy dag sal dit vervul word.
En sy loot sal beslis nie welig groei nie.[f]
33 Hy sal sy groen druiwe afskud soos 'n wingerdstok,

En sy bloeisels afgooi net soos 'n olyfboom.
34 Want die vergadering van die afvalliges is onvrugbaar,[a]
En vuur sal die tente van omkopery verteer.[b]
35 Hulle word swanger van moeilikheid en baar wat skadelik is,[c]
En hulle moederskoot berei bedrog."

# 16

En Job het geantwoord en gesê:
2 "Ek het al baie soortgelyke dinge gehoor.
Julle is almal ellendige vertroosters![d]
3 Kom daar 'n einde aan winderige woorde?[e]
Of wat grief jou, dat jy antwoord?
4 Ek sou ook soos julle kon praat.
As julle siel maar was waar my siel is,
Sou ek dan in woorde teen julle uitblink[f]
En sou ek my kop oor julle skud?[g]
5 Ek sou julle met die woorde van my mond versterk,[h]
En die vertroosting van my lippe sou verligting bring—.
6 As ek praat, word my eie pyn nie verlig nie,[i]
En as ek daarmee ophou, wat gaan dan van my af weg?
7 Maar nou het hy my moeg gemaak;[j]
Hy het almal wat met my vergader, verlate gemaak.
8 Ook gryp u my. Dit het 'n getuie geword,[k]
Sodat my maerheid teen my opstaan. In my gesig getuig dit.
9 Sy toorn het my verskeur, en hy is my vyandiggesind.[a]
Hy kners op sy tande teen my.[b]
My teenstander maak sy oë skerp teen my.[c]
10 Hulle het hulle mond teen my wyd oopgemaak,[d]
Met smaad het hulle my op die wange geslaan,
In groot getalle span hulle teen my saam.[e]
11 God lewer my aan jong seuns oor,
En in die hande van die goddeloses werp hy my.[f]
12 Ek was gerus, maar hy het my versteur;[g]
En hy het my agter die nek gegryp en my verbrysel,
En hy stel my as 'n teiken vir hom op.
13 Sy boogskutters[h] omring my;
Hy kloof my niere[i] oop en voel geen medelye nie;
Hy stort my galblaas op die aarde uit.
14 Hy bly deur my breek met skeur op skeur;
Hy storm op my af soos 'n sterke.[j]
15 Saklinne[k] het ek oor my vel aanmekaargewerk,
En ek het my horing in die stof gesteek.[l]
16 My gesig het rooi geword van huil,[m]
En oor my ooglede is daar 'n diep skaduwee,[n]
17 Hoewel daar geen geweld in my palms is nie
En my gebed suiwer is.[o]
18 O aarde, moenie my bloed bedek nie![p]
En laat daar geen plek vir my geskreeu wees nie!

HFST. 15
a Job 8:13 Job 16:2 Job 42:7
b Job 16:3 Job 42:8
c Ps 7:14 Jes 59:4 Jak 1:15

HFST. 16
d Job 13:4 Job 19:2 Flp 1:17
e Pr 10:14
f Mt 7:12 Ro 12:15 1Pe 3:8
g Ps 109:25 Mt 27:39
h Job 4:3 Spr 27:9 Ga 6:1
i Job 2:13
j Job 7:3
k Job 16:19

Tweede kol.
a Job 10:16
b Han 7:54
c Job 33:10
d Ps 22:13
e Ps 35:15
f Ps 27:12
g Job 1:12 Job 1:17
h Job 7:20
i Ps 73:21 Klg 3:13
j Klg 3:3
k 1Kn 21:27 2Kn 6:30
l Job 30:19 Ps 7:5
m Ps 6:6 Ps 31:9 Klg 1:16
n Klg 5:17
o Spr 15:8
p Ge 4:10 Ps 72:14

19 Ook nou, kyk! in die hemel
is iemand wat omtrent
my getuig,
En my getuie is in die
hoogtes.[a]
20 My metgeselle is woordvoer-
ders teen my;[b]
Na God het my oog slape-
loos opgesien.[c]
21 En daar moet tussen ’n man
en God beslis word,
Net soos tussen ’n mense-
kind en sy naaste.[d]
22 Want net ’n paar jaar gaan
nog kom,
En met die pad waarlangs
ek nie sal terugkeer
nie, sal ek weggaan.[e]

17 “My gees is gebroke,[f] my
dae is uitgeblus;
Die begraafplaas is vir
my.[g]
2 Daar word beslis met my ge-
spot,[h]
En op hulle opstandige ge-
drag rus my oog.
3 Plaas tog asseblief my pand
by u.[i]
Wie anders sal my die
handslag[j] tot borgskap
gee?
4 Want u het hulle hart vir
oordeelkundigheid ge-
sluit.[k]
Daarom verhef u hulle
nie.
5 Hy sê miskien vir metgesel-
le om hulle aandeel te
neem,
Maar die oë van sy kin-
ders sal ingee.[l]
6 En hy het my ’n spreek-
woord[m] van volke ge-
maak,
Sodat ek iemand word in
wie se gesig mense
spuug.[n]
7 En van kwelling word my
oog dowwer,[o]
En al my lede is soos die
skaduwee.
8 Die regskapenes staar ver-
baas hierna,
En selfs die onskuldige
vererg hom vir die af-
vallige.
9 Die regverdige hou deuren-
tyd vas aan sy weg,[a]
En die een wat rein van
hande is,[b] neem voort-
durend toe in sterkte.[c]
10 Maar julle kan almal weer
begin. Kom dan, asse-
blief,
Aangesien ek geen wyse
onder julle vind nie.[d]
11 My dae het verbygegaan,[e]
my planne is tot niet,[f]
Die wense van my hart.
12 Van die nag bly hulle dag
maak:[g]
‘Die lig is naby weens die
duisternis.’
13 As ek bly wag, is Sjeool my
huis;[h]
In die duisternis[i] sal ek
my rusbed moet uit-
sprei.
14 Die kuil[j] sal ek moet toe-
roep: ‘Jy is my vader!’
Die wurm:[k] ‘My moeder
en my suster!’
15 Waar is my hoop dan?[l]
En my hoop—wie aan-
skou dit?
16 Na die grendels van Sjeool
sal hulle afdaal,
Wanneer ons, almal tesa-
me, na die stof moet af-
daal.”[m]

18 En Bildad, die Suhiet,
het geantwoord en gesê:
2 “Hoe lank nog voordat jul-
le ’n einde aan woorde
maak?
Julle moet verstaan, sodat
ons daarna kan praat.
3 Waarom moet ons as diere
beskou word[n]
En in julle oë as onrein
geag word?

**HFST. 16**
a 1Sa 12:5, Ro 1:9, 2Ko 11:31, 1Te 2:10
b Job 12:4
c Ps 40:1, Ps 142:2, Lu 18:1
d Job 31:35, Pr 6:10, Jes 45:9, Ro 9:20
e Job 7:9, Job 14:10, Pr 12:5

**HFST. 17**
f Jes 57:15
g Ps 88:4, Jes 38:10
h Ps 35:16, Heb 11:36
i 1Sa 25:29, Ps 119:122
j 2Kn 10:15, Spr 11:21, Spr 17:18
k 2Sa 17:14, Jes 6:10, Mt 11:25, Ro 11:8
l Job 11:20
m Job 30:9, Ps 69:11
n Job 30:10
o Job 16:16, Ps 6:7, Ps 31:9

**Tweede kol.**
a Ps 119:165, Spr 4:11
b Ge 20:5, Ps 24:4, Ps 26:6
c Ps 84:7
d Job 6:29, Ro 1:22
e Job 7:6, Job 9:25, Jes 38:10
f Jak 4:13
g Jes 5:20, Joh 3:19
h Pr 12:5, Pr 12:7
i Job 10:21, Jes 47:5
j Ps 30:3, Ps 49:9, Ps 143:7, Spr 1:12, Jes 14:15, Jon 2:6
k Job 24:20, Jes 14:11, Mr 9:48
l Job 7:6, Job 14:19, Job 19:10
m Ge 3:19, Job 3:19, Pr 3:20

**HFST. 18**
n Ps 73:22, 2Pe 2:12

4 Hy verskeur sy siel in sy toorn.
Sal die aarde ter wille van jou verlate word,
Of ’n rots uit sy plek verskuif?
5 Ook die lig van die goddeloses sal uitgedoof word[a]
En die vonk van sy vuur sal nie skyn nie.
6 ’n Lig sal beslis in sy tent donker word,[b]
En sy lamp sal daarin uitgedoof word.
7 Sy kragtige treë sal belemmer word.
Sy eie raad sal hom neerwerp.[c]
8 Want hy sal inderdaad deur sy voete in ’n net gelei word,
En op ’n netwerk sal hy loop.[d]
9 ’n Wip sal hom aan die hakskeen gryp;[e]
’n Strik[f] hou hom vas.
10 ’n Tou is vir hom weggesteek op die grond,
En ’n vangtoestel vir hom op sy pad.
11 Aan alle kante laat skielike verskrikkinge hom beslis van skrik opspring,[g]
En dit sit hom inderdaad op sy hakke agterna.
12 Sy krag word deur die honger verteer,
En die ongeluk[h] staan gereed om hom mank te maak.
13 Dit sal die stukke van sy vel verteer;
Die eersgeborene van die dood sal sy ledemate verteer.
14 Sy vertroue sal uit sy tent weggeruk word[i]
En dit sal hom na die koning van die verskrikkinge laat aanstap.
15 Daar sal iets in sy tent woon wat nie syne is nie;
Swael[a] sal oor sy woonplek gestrooi word.
16 Onder sal sy wortels verdroog,[b]
En bo sal sy tak verwelk.
17 Die vermelding van hom sal beslis van die aarde af vergaan,[c]
En hy sal geen naam buite op straat hê nie.
18 Hulle sal hom uit die lig tot in die duisternis stoot,
En uit die vrugbare land sal hulle hom verjaag.
19 Hy sal geen nageslag en geen nakomelinge onder sy volk hê nie,[d]
En daar sal geen oorlewende in sy plek van vreemdelingskap wees nie.
20 Oor sy dag sal die mense in die Weste inderdaad in verbasing staar,
En ’n siddering sal selfs die mense in die Ooste beslis aangryp.
21 Ja, dit is die wonings van ’n kwaaddoener,
En dit is die plek van iemand wat God nie geken het nie.”

**19** En Job het geantwoord en gesê:
2 “Hoe lank sal julle my siel bly irriteer[e]
En my met woorde bly verbrysel?[f]
3 Reeds tien keer het julle my bestraf;
Julle skaam julle nie dat julle my so hard behandel nie.[g]
4 En as ek wel ’n fout begaan het,[h]
Dan sal my fout by my bly.
5 As julle julle werklik baie groot hou teen my,[i]

HFST. 18
a Spr 13:9 Spr 24:20
b Job 21:17
c Job 5:13
d Job 22:10
e Jer 18:22
f Job 5:5 Ps 140:5
g Job 15:21 Job 20:25
h Job 15:23
i Job 8:14 Job 11:20

Tweede kol.
a De 29:23
b Job 29:19
c Spr 10:7
d Job 42:8

HFST. 19
e Ps 42:10
f Ps 55:21 Spr 12:18 Jak 3:8
g Job 6:14 Spr 18:24 Mt 7:12
h Ro 3:23
i Ps 38:16

En julle toon dat my smaad gepas is teen my,[a]
6 WEET dan dat Gód my mislei het,
En met sy vangnet het hy my omsluit.[b]
7 Kyk! Ek bly uitroep: 'Geweld!' maar ek kry geen antwoord nie;[c]
Ek bly om hulp roep, maar daar is geen geregtigheid nie.[d]
8 My pad het hy met 'n klipmuur versper,[e] en ek kan nie verbykom nie;
En op my weë plaas hy duisternis.[f]
9 My heerlikheid het hy van my af weggestroop,[g]
En hy neem die kroon van my kop weg.
10 Hy breek my aan alle kante af, en ek gaan weg;
En hy ruk my hoop uit soos 'n boom.
11 Ook ontvlam sy toorn teen my,[h]
En hy bly my as sy teenstander beskou.
12 Eendragtig kom sy troepe en werp hulle weg teen my op,[i]
En hulle slaan kamp op rondom my tent.
13 My broers het hy ver van my verwyder,[j]
En dié wat my ken, het hulle van my afgewend.
14 My intieme kennisse het verdwyn,[k]
En dié wat ek ken, het my vergeet,
15 Dié wat as vreemdelinge in my huis woon;[l] en my slavinne beskou my as 'n vreemde;
'n Regte uitlander het ek in hulle oë geword.
16 Na my kneg het ek geroep, maar hy antwoord nie.

HFST. 19
a Ps 69:26
b Ps 66:11 Klg 1:13
c Ps 22:2 Hab 1:2
d Lu 18:7
e Job 3:23 Ps 88:8 Klg 3:7
f Jes 50:10 Jer 13:16
g Ps 89:44
h Job 13:24
i Job 30:12
j Ps 31:11 Ps 38:11 Ps 69:8
k Ps 38:11
l Job 31:32

Tweede kol.
a Job 2:9
b 2Kn 2:23
c Job 17:6 Ps 88:8
d Ps 109:5
e Job 30:30 Job 33:21 Ps 102:5 Klg 4:8
f Mt 5:7 1Pe 3:8
g Job 1:11 Ps 38:2
h Job 2:10 Ps 69:26
i Jer 17:1
j Job 14:14 Ps 19:14 Ps 69:18 Ps 103:4 Spr 23:11 Mt 20:28
k Mr 10:45 Ro 3:24 1Ko 1:30

Met my mond bly ek hom om medelye smeek.
17 My asem het vir my vrou[a] weersinwekkend geword,
En vir die seuns van my moeder se skoot het ek onwelriekend geword.
18 Ook jong seuns het my verwerp;[b]
Ek hoef net op te staan, en hulle begin teen my praat.
19 Al die manne van my intieme groep verfoei my,[c]
En dié wat ek liefgehad het, het teen my gedraai.[d]
20 My gebeente kleef aan my vel en aan my vlees,[e]
En ek ontkom met die vlies van my tande.
21 Betoon tog 'n mate van guns aan my, betoon tog 'n mate van guns aan my, o my metgeselle,[f]
Want God se hand het my aangeraak.[g]
22 Waarom bly julle my vervolg, soos God,[h]
En word julle nie versadig van my vlees nie?
23 Ag, was my woorde maar nou opgeskryf!
Ag, was hulle maar in 'n boek opgeteken!
24 Met 'n ysterstif[i] en met lood,
Ag, was hulle maar vir ewig in die rots uitgekap!
25 En ek weet goed dat my verlosser[j] lewe,
En dat hy, wat ná my sal kom, oor die stof sal opstaan.[k]
26 En ná my vel, wat hulle afgestroop het—dít!
Al is my vlees uitgeteer, sal ek God nog aanskou,

27 Wat ek self sal aanskou,[a]
En wat my oë beslis sal sien, maar geen vreemdeling nie.
My niere het diep binne my ingegee.
28 Want julle sê: ‘Waarom bly ons hom vervolg?’[b]
Terwyl die wortel van die saak in my gevind word.
29 Vrees vir julleself weens ’n swaard,[c]
Want die swaard beteken woede teen oortredings,
Sodat julle kan weet dat daar ’n regter is.”[d]

20 En Sofar, die Naämatiet, het geantwoord en gesê:
2 “Daarom antwoord my verontrustende gedagtes my,
Ja, weens my innerlike spanning.
3 ’n Vermaning wat my beledig, hoor ek;
En ’n gees sonder die begrip wat ek het, antwoord my.
4 Het jy te alle tye dít geweet,
Vandat die mens op die aarde geplaas is,[e]
5 Dat die vreugdegeroep van die goddeloses van korte duur is[f]
En dat die blydskap van ’n afvallige net ’n oomblik duur?
6 Al styg sy voortreflikheid na die hemel toe op[g]
En reik sy kop tot aan die wolke,
7 Soos sy uitwerpsel vergaan hy vir ewig;[h]
Dié wat hom sien, sal sê: ‘Waar is hy?’[i]
8 Soos ’n droom sal hy wegvlieg, en hulle sal hom nie vind nie;
En hy sal verjaag word soos ’n nagvisioen.[a]
9 Die oog wat hom gesien het, sal dit nie weer doen nie,[b]
En sy plek sal hom nie meer aanskou nie.[c]
10 Sy seuns sal die guns van geringes soek,
En sy hande sal sy waardevolle dinge teruggee.[d]
11 Sy gebeente was vol van sy jeugdige krag,
Maar saam met hom sal dit in blote stof gaan lê.[e]
12 As wat sleg is, soet smaak in sy mond,
As hy dit onder sy tong laat wegsmelt,
13 As hy medelye daarmee het en dit nie laat vaar nie,
En as hy dit in die middel van sy verhemelte terughou,
14 Sal sy voedsel beslis in sy ingewande verander word;
Dit sal die gal van kobras binne-in hom wees.
15 Rykdom het hy ingesluk, maar hy sal dit uitbraak;
Uit sy buik sal God dit uitdryf.
16 Die gif van kobras sal hy insuig;
Die tong van ’n adder sal hom doodmaak.[f]
17 Hy sal nooit die waterlope sien nie,[g]
Sterk strome van heuning en botter.
18 Hy sal teruggee wat hy as eiendom bekom het en sal dit nie insluk nie;
Soos rykdom uit sy koophandel, maar wat hy nie sal geniet nie.[h]

HFST. 19
a Ps 17:15
b Ps 69:26
c De 32:41
d Ps 58:11, Mt 7:1, Ro 14:4, Jak 4:12

HFST. 20
e Ge 1:27, Job 8:8
f Ps 37:36
g Jes 14:13, Am 9:2, Ob 4
h Ps 83:10, Jer 8:2
i Job 14:10

Tweede kol.
a Ps 73:20, Ps 90:5
b Ps 37:36
c Job 8:18, Ps 103:16
d Job 20:18
e Job 21:26
f De 32:33
g Ps 36:9, Jer 17:6
h Job 20:10

19 Want hy het verbrysel, hy het geringes verlaat;
Hy het 'n huis geroof wat hy nie gebou het nie.[a]
20 Want hy sal beslis geen rus in sy buik ken nie;
Deur middel van sy begeerlike dinge sal hy nie ontkom nie.[b]
21 Daar het niks oorgebly wat hy kan verslind nie;
Daarom sal sy welstand nie voortduur nie.
22 Terwyl sy oorvloed op sy hoogtepunt is, sal hy angstig wees;[c]
Die volle krag van die teëspoed sal oor hom kom.
23 Om sy buik te vul,
Sal Hy sy brandende toorn oor hom stuur[d]
En dit op hom laat reën, tot in sy ingewande.
24 Hy sal vlug[e] vir ysterwapens;
'n Koperboog sal hom oopkloof.
25 'n Werpspies sal by sy rug uitkom,
En 'n glinsterende wapen by sy gal;[f]
Skrikwekkende voorwerpe sal op hom afkom.[g]
26 Volslae duisternis sal vir sy kosbaarhede bewaar word;
'n Vuur wat niemand aangeblaas het nie, sal hom verteer;[h]
Dit sal sleg gaan met 'n oorlewende in sy tent.
27 Die hemel sal sy oortreding blootlê,[i]
En die aarde sal teen hom in opstand wees.
28 'n Swaar reënbui sal sy huis wegvoer;
Daar sal dinge uitgestort word op die dag van sy toorn.[j]

HFST. 20
a Job 35:9
b Spr 11:4 Pr 5:13
c Pr 5:12
d Nu 11:33 Ps 78:31
e Jes 24:18 Am 9:2
f Job 16:13
g Job 18:11
h Ps 21:9
i Ps 44:21 Mal 3:5
j Ps 11:6

Tweede kol.
a Job 27:13 Job 31:3 Spr 10:7

HFST. 21
b Job 16:10 Job 16:20 Job 17:2 Heb 11:36
c Rig 18:19 Job 40:4 Spr 30:32
d Jes 55:7 Ese 33:11 Hab 1:3 Hab 1:13 Ro 9:17 Ro 9:22
e Job 12:6 Ps 37:7 Ps 73:3 Ps 73:12 Jer 12:1
f Ps 73:5
g Ps 144:14

29 Dit is die goddelose mens se deel wat van God kom,[a]
Ja, die erfdeel wat God aan hom toegesê het."

# 21

En Job het geantwoord en gesê:
2 "Luister aandagtig na my woord,
En laat dít julle vertroosting word.
3 Verdra my, en ek sal praat;
En nadat ek gepraat het, kan elkeen van julle spot.[b]
4 Wat my betref, word my besorgdheid dan teenoor 'n mens geuiter?
Of waarom raak my gees nie ongeduldig nie?
5 Draai julle gesig na my toe en staar in verbasing,
En lê julle hand op julle mond.[c]
6 En as ek daaraan gedink het, het ek ook ontsteld geraak,
En siddering het my vlees aangegryp.
7 Waarom bly die goddeloses lewe,[d]
Het hulle oud geword, ja, verhewe geword in rykdom?[e]
8 Hulle nageslag is stewig by hulle gevestig voor hulle aangesig,
En hulle nakomelinge voor hulle oë.
9 Hulle huise is loutere vrede, vry van angs,[f]
En die roede van God is nie op hulle nie.
10 Sy bul bevrug en mors nie saad nie;
Sy koei kalf[g] en het geen misdrag nie.
11 Hulle bly hulle jong seuns uitstuur net soos 'n kudde,

En hulle seuntjies huppel rond.
12 Hulle verhef voortdurend hulle stem saam met die tamboeryn en harp,[a]
En is altyd bly by die geluid van die fluit.
13 Hulle bring hulle dae in vrolikheid deur,[b]
En in ’n oomblik daal hulle na Sjeool af.
14 En hulle sê vir die ware God: ‘Wend u van ons af![c]
En in die kennis van u weë het ons geen behae geskep nie.[d]
15 Wat is die Almagtige, dat ons hom moet dien,[e]
En watter nut het dit vir ons dat ons met hom in aanraking gekom het?’[f]
16 Kyk! Hulle welstand is nie in hulle mag nie.[g]
Die raad van die goddeloses het ver van my af gebly.[h]
17 Hoeveel keer word die lamp van die goddeloses uitgedoof,[i]
En hoeveel keer kom hulle ongeluk oor hulle?
Hoeveel keer deel hy in sy toorn vernietiging uit?[j]
18 Word hulle soos strooi voor die wind[k]
En soos kaf wat deur ’n stormwind weggesteel is?
19 God sal iemand se skadelikheid vir sy kinders opspaar;[l]
Hy sal hom vergeld sodat hy dit kan weet.[m]
20 Sy oë sal sy agteruitgang sien,
En van die woede van die Almagtige sal hy drink.[n]
21 Want watter behae sal hy skep in sy huis ná hom,
Wanneer die getal van sy maande werklik in twee gesny sal wees?[a]
22 Sal hy selfs aan God kennis leer,[b]
Terwyl Hy dié wat hoog is, oordeel?[c]
23 Ja, hy sal sterf terwyl hy van al die nodige voorsien is,[d]
Wanneer hy geheel en al sorgeloos en gerus is;
24 Wanneer sy dye vol vet geword het
En die murg van sy gebeente vogtig gehou word.
25 En die ander een sal met ’n bitter siel sterf
Sonder dat hy van die goeie dinge geëet het.[e]
26 Saam sal hulle in die stof gaan lê,[f]
En wurms sal ’n bedekking oor hulle vorm.[g]
27 Kyk! Ek ken julle gedagtes goed,
En die planne waarmee julle gewelddadig teen my wil optree.[h]
28 Want julle sê: ‘Waar is die huis van die edele,
En waar is die tent, die wonings van die goddeloses?’[i]
29 Het julle nie dié gevra wat op die paaie reis nie?
En ondersoek julle nie ook hulle tekens sorgvuldig nie,
30 Dat ’n boosaard gespaar word op die dag van ongeluk,[j]
Dat hy verlos word op die dag van grimmigheid?
31 Wie sal hom in sy gesig sy weg te kenne gee?[k]
En wie sal hom vergeld vir wat hy gedoen het?[l]
32 Na die begraafplaas sal hy gebring word,[m]

HFST. 21
a Jes 5:12 Jes 22:13 Am 6:5
b Mt 24:38 Lu 12:20 Lu 17:28 1Ko 15:32
c Job 22:17 Ps 10:11 Ps 73:11
d Joh 3:19 Ro 1:28
e Eks 5:2 Ps 10:4 Ho 13:6
f Job 34:9 Job 35:3 Mal 3:14
g Ps 49:7 Pr 8:8
h Job 22:18 Ps 1:1
i Spr 20:20 Spr 24:20
j Ps 73:19 Lu 12:46
k Eks 15:7 Ps 1:4 Ps 35:5 Jes 17:13 Ho 13:3 Mt 3:12
l Eks 20:5
m Ps 11:6 Jes 26:11
n Ps 75:8 Jes 51:17 Jer 25:15 Op 14:10

Tweede kol.
a Ps 55:23
b Jes 40:14 Ro 11:34 1Ko 2:16
c Jes 40:23 2Pe 2:4 Jud 9
d Ps 49:17 Lu 12:20
e 1Kn 17:12 Spr 13:21
f Job 3:19 Pr 3:20 Pr 9:2
g Job 24:20 Jes 14:11
h Ps 59:3
i Job 20:7
j Spr 16:4 2Pe 2:9
k Ga 2:11
l Jes 59:18 Ro 12:19
m Job 17:16

En oor 'n graf sal daar wag gehou word.
33 Vir hom sal die grondkluite van 'n stroomvallei beslis soet word,[a]
En agter hom aan sal hy die hele mensdom trek,[b]
En dié voor hom, was sonder tal.
34 Hoe vergeefs probeer julle my dus vertroos,[c]
En julle antwoorde is niks anders as ontrouheid nie!"

22 En E'lifas, die Temaniet, het geantwoord en gesê:
2 "Kan 'n man vir God van nut wees,[d]
Sodat iemand wat insig het, vir hom van nut sou wees?
3 Skep die Almagtige enigsins behae daarin dat jy regverdig is,[e]
Of is dit vir hom enige gewin dat jy jou weg onberispelik maak?[f]
4 Sal hy jou oor jou godvrugtige eerbied teregwys,
Sal hy met jou na die gereg gaan?[g]
5 Is jou slegtheid nie reeds te veel nie,[h]
En sal daar geen einde aan jou oortredings wees nie?
6 Want jy neem sonder oorsaak 'n pand van jou broers,[i]
En selfs die klere van naakte mense trek jy uit.
7 Jy gee die vermoeide geen water om te drink nie,
En van die een wat honger is, hou jy brood terug.[j]
8 Wat 'n sterk man betref, die land is syne,[k]
En iemand wat partydig behandel word, woon daarin.
9 Weduwees het jy met leë hande weggestuur,
En die arms van vaderlose seuns is verbrysel.[a]
10 Daarom is daar voëlstrikke rondom jou,[b]
En skielike angs ontstel jou;
11 Of duisternis, sodat jy nie kan sien nie,
En 'n deinende watermassa bedek jou.
12 Is God nie hemelhoog nie?[c]
Aanskou ook die volle getal van die sterre,[d] dat hulle hoog is.
13 En tog het jy gesê: 'Wat weet God werklik?
Kan hy deur dik donkerheid regspreek?
14 Wolke is vir hom 'n skuilplek, sodat hy nie sien nie,
En op die hemelgewelf loop hy rond.'
15 Wil jy vashou aan die weg van lank gelede,
Wat kwaadwillige mense bewandel het,
16 Mense wat voor hulle tyd weggeruk is,[e]
Wie se fondament[f] uitgegiet is soos 'n rivier,
17 Wat vir die ware God sê: 'Wend u van ons af![g]
En wat kan die Almagtige teen ons uitrig?'
18 Tog het hy hulle huise met goeie dinge gevul;[h]
En die raad van die goddeloses het ver van my af gebly.[i]
19 Die regverdiges sal dit sien en bly wees,[j]
En die onskuldige sal hulle bespot:
20 'Ons teenstanders is waarlik uitgewis;

HFST. 21
a Job 3:17
b Ro 5:12
c Job 16:2

HFST. 22
d Eks 3:10; Job 42:8; 2Ko 5:20
e Spr 15:8; Jer 9:24
f Job 2:3; Spr 11:20; Spr 27:11
g Ps 7:9
h Job 1:8; Job 4:7
i Job 31:19; Job 42:7
j Job 31:17; Job 42:8
k Job 31:25

Tweede kol.
a Job 42:7; Spr 29:12; Spr 31:21
b Job 18:9
c Ps 115:3
d Ps 147:4
e Ps 55:23
f Job 4:19
g Jes 30:11
h Ps 17:14; Mt 5:45; Han 14:17
i Job 21:16
j Ps 107:42

En wat van hulle oor is,
sal beslis deur ’n vuur
verteer word.’
21 Leer hom asseblief ken en
hou vrede;
Daardeur sal goeie dinge
oor jou kom.
22 Neem asseblief die wet uit sy
mond aan,
En lê sy woorde in jou
hart.[a]
23 As jy tot die Almagtige te-
rugkeer,[b] sal jy opge-
bou word;
As jy onregverdigheid ver
van jou tent af hou,
24 En as kosbare erts in die stof
gelê word
En goud van Ofir[c] in die
rotse van stroomval-
leie,
25 Dan sal die Almagtige inder-
daad jou kosbare erts
word,
En die mees uitgesoekte
silwer vir jou.[d]
26 Want dan sal jy jou in die Al-
magtige verlustig,[e]
En jy sal jou aangesig tot
God ophef.[f]
27 Jy sal ’n dringende versoek
tot hom rig, en hy sal
jou verhoor;[g]
En jou geloftes sal jy be-
taal.[h]
28 En jy sal op iets besluit, en
dit sal vir jou tot stand
kom;
En op jou weë sal daar be-
slis lig skyn.[i]
29 Want daar sal vernedering
wees wanneer jy aan-
matigend praat;[j]
Maar iemand met neerge-
slane oë sal hy red.[k]
30 Hy sal ’n onskuldige man
red,[l]
En jy sal beslis gered word
weens die reinheid van
jou hande.”[m]

HFST. 22
a Job 11:13
b Job 8:5
c 1Kn 9:28 Job 28:16 Ps 45:9 Jes 13:12
d Jes 33:6
e Ps 37:4
f Job 27:10
g Ps 65:2
h Ps 116:14 Pr 5:4
i Spr 4:18
j Spr 16:18 Spr 29:23 Jak 4:6 1Pe 5:5
k Ps 138:6 Jes 66:2 Lu 18:13
l Ge 19:16 2Pe 2:9
m Ps 24:4

Tweede kol.

HFST. 23
a Job 10:1
b Job 13:3 Job 16:21
c Job 31:37
d Ps 49:3
e Ps 22:24 Jes 57:16
f Job 9:11
g Job 1:8 Ps 1:6 Ps 139:1
h Job 31:6 Ps 17:3 1Pe 1:7
i Ps 18:21 Ps 44:18
j 1Jo 5:3

**23** En Job het geantwoord
en gesê:
2 “My toestand van besorgd-
heid[a] is vandag nog op-
standigheid;
My hand is swaar weens
my gesug.
3 Ag, as ek tog maar geweet
het waar ek hom kon
vind![b]
Ek sou tot by sy vaste
plek kom.[c]
4 Ek sou ’n regsaak aan hom
voorlê,
En my mond sou ek met
teenargumente vul;
5 Ek sou die woorde ken waar-
mee hy my antwoord,
En ek sou ag gee op wat
hy vir my sê.[d]
6 Sou hy met ’n oorvloed van
krag teen my stry?
O nee! Hy sou sekerlik op
my ag slaan.[e]
7 Daar sal die regskapene be-
slis sake met hom reg-
stel,
En ek sou vir ewig van my
regter vrykom.
8 Kyk! Ek gaan na die ooste,
en hy is nie daar nie;
En weer terug, en ek kan
hom nie bemerk nie;[f]
9 Na links waar hy werk,
maar ek kan hom nie
aanskou nie;
Hy draai regs af, maar ek
sien hom nie.
10 Want hy weet goed watter
weg ek bewandel.[g]
Nadat hy my op die proef
gestel het, sal ek soos
goud te voorskyn kom.[h]
11 Aan sy voetstappe het my
voet vasgehou;
Sy weg het ek gehou, en
ek dwaal nie af nie.[i]
12 Van die gebod van sy lippe
wyk ek nie af nie.[j]

Ek het die woorde van sy mond[a] as 'n skat bewaar, meer as wat vir my voorgeskryf is.
13 En hy het een gedagte, en wie kan hom teëstaan?[b]
En sy siel het 'n begeerte, en hy sal dit volbring.[c]
14 Want hy sal ten volle uitvoer wat vir my voorgeskryf is,[d]
En daar is baie soortgelyke dinge by hom.
15 Daarom voel ek verontrus weens hom;
Ek gee ag en vrees hom.[e]
16 Ja, God het my hart vreesagtig gemaak,[f]
En die Almagtige het my verontrus.[g]
17 Want ek is nie tot swye gebring weens die duisternis nie,
En ook nie omdat donkerheid my aangesig bedek het nie.

24 "Waarom is geen tye deur die Almagtige opgespaar nie[h]
En het dié wat hom ken, nie sy dae aanskou nie?[i]
2 Daar is dié wat grensbakens verskuif;[j]
'n Kudde het hulle geroof, sodat hulle dit kan laat wei.
3 Hulle dryf selfs die esel van vaderlose seuns weg;
Hulle neem die weduwee se bul as pand.[k]
4 Hulle keer die armes van die weg af;[l]
Terselfdertyd het die geteisterdes van die aarde weggekruip.
5 Kyk! Soos sebras[m] in die wildernis
Het hulle in hulle werk uitgetrek, op soek na voedsel.
Die woestynvlakte gee aan elkeen brood vir die kinders.
6 Op die land oes hulle die voer,
En die wingerd van die goddelose plunder hulle gou.
7 Naak bring hulle die nag deur, sonder 'n kleed,[a]
En sonder enige bedekking in die koue.[b]
8 Hulle word papnat van die reënstorm van die berge,
En omdat daar geen beskutting is nie,[c] moet hulle hulle teen 'n rots vasdruk.
9 Hulle ruk 'n vaderlose seun selfs van die bors af weg,[d]
En wat die geteisterde aan het, neem hulle as pand.[e]
10 Naak sal hulle rondloop, sonder 'n kleed,
En honger sal hulle die geoeste are dra.[f]
11 Tussen die terrasmure bring hulle die middaguur deur;
Wynperse sal hulle trap, en tog ly hulle dors.[g]
12 Vanuit die stad bly die sterwendes kreun,
En die siel van dodelik gewondes roep om hulp;[h]
En God beskou dit nie as iets ongepas nie.[i]
13 Hulle was onder dié wat opstandig is teen die lig;[j]
Hulle het nie die weë daarvan erken nie,
En hulle het nie op die paaie daarvan gebly nie.

HFST. 23
a Ps 119:11 Ps 119:127 Jer 15:16
b Nu 23:19 Nu 23:20 Ro 9:19
c Ps 135:6 Jes 14:24 Jes 46:10
d 1Te 3:3
e Ps 111:10 Ps 119:120 Spr 16:6
f Ps 22:14
g Rut 1:20

HFST. 24
h Han 1:7
i Jes 26:10
j De 19:14 De 27:17 Spr 23:10 Ho 5:10
k De 24:17
l Ps 109:16 Spr 22:16 Jes 10:2 Am 8:4 Jak 5:4
m Ps 104:11 Jer 14:6 Jes 32:14

Tweede kol.
a Eks 22:27 De 24:13
b 2Ko 11:27
c Klg 4:5
d 2Kn 4:1
e Eks 22:26 De 24:13 Ese 18:12
f 1Ti 5:18
g Jer 22:13 Jak 5:4
h Pr 4:1
i Pr 8:13 2Pe 3:15
j Joh 3:19

14 Met ligdag staan die moordenaar op,
Hy bring die geteisterde en die arme om;[a]
En gedurende die nag word hy 'n regte dief.[b]
15 Wat die oog van die egbreker[c] betref, dit het na die aandskemering uitgesien[d]
En gesê: 'Geen oog sal my aanskou nie!'[e]
En oor sy gesig sit hy 'n bedekking.
16 In die duisternis het hy in huise ingebreek;
Bedags moet hulle hulle opgesluit hou.
Hulle het die daglig nie geken nie.[f]
17 Want die oggend is vir hulle dieselfde as diep skaduwee,[g]
Want hulle weet wat die skielike verskrikkinge van diep skaduwee is.
18 Hy is vinnig op die oppervlak van die waters.
Hulle stuk land sal vervloek word op die aarde.[h]
Hy sal hom nie na die weg van die wingerde begeef nie.
19 Die droogte, ook die hitte, ruk die sneeuwaters weg;
So ook Sjeool dié wat gesondig het![i]
20 Die moederskoot sal hom vergeet, die wurm sal hom smaaklik uitsuig,[j]
Aan hom sal nie meer gedink word nie.[k]
En die onregverdigheid sal gebreek word net soos 'n boom.[l]
21 Hy laat hom in met 'n onvrugbare vrou wat nie baar nie,
En met 'n weduwee,[a] aan wie hy geen goed doen nie.
22 En hy sal beslis die sterkes deur sy krag wegtrek;
Hy sal opstaan en nie van sy lewe seker wees nie.
23 Hy sal hom dit vergun om vol vertroue te word[b] sodat hy homself kan ondersteun;
En sy oë sal op hulle weë wees.[c]
24 Hulle het 'n klein rukkie hoog geword, dan is hulle daar nie meer nie,[d]
En hulle is verlaag;[e] soos al die ander word hulle afgepluk,
En soos die top van 'n graanaar word hulle afgesny.
25 En nou, wie sal my tot leuenaar maak
Of my woord tot niet maak?"

25 En Bildad,[f] die Suhiet, het geantwoord en gesê:
2 "Heerskappy en verskrikking is by hom;[g]
Hy maak vrede op sy hoogtes.
3 Kan sy troepe enigsins getel word?
En oor wie gaan sy lig nie op nie?
4 Hoe kan 'n sterflike mens dan reg wees voor God,[h]
Of hoe kan iemand wat uit 'n vrou gebore is, rein wees?[i]
5 Kyk! Daar is selfs die maan, en dit is nie helder nie;
En die sterre is nie rein in sy oë nie.
6 Hoeveel minder 'n sterflike mens, wat 'n maaier is,
En 'n mensekind, wat 'n wurm is!"[j]

HFST. 24
a Ps 10:8
b Mt 24:43 1Te 5:2
c 2Pe 2:14
d Spr 7:9
e 2Sa 12:12 Ps 94:7 Spr 30:20
f Joh 3:20
g Job 10:21 Job 38:17
h De 28:16 Job 21:17 Spr 3:33
i Ps 49:14 Ps 55:15 Lu 12:20
j Job 17:14 Jes 14:11
k Spr 10:7 Pr 8:10 Pr 9:5
l Mt 3:10

Tweede kol.
a Eks 22:22 Sag 7:10
b Pr 8:11 Jes 56:12 Lu 12:19
c Ps 11:4 Spr 5:21 Spr 15:3
d Ps 37:10 Ps 92:7 Pr 8:12 Jak 1:11
e Pr 8:13

HFST. 25
f Job 8:1 Job 18:1
g Da 4:3
h Job 4:17
i Job 15:14
j Ps 22:6

**26** En Job het geantwoord en gesê:

2 "Hoeveel was jy die kragtelose tog van hulp!
Hoe het jy tog 'n arm gered wat sonder sterkte is![a]
3 Hoeveel raad het jy tog gegee aan iemand wat sonder wysheid is,[b]
En jy het praktiese wysheid aan die menigte bekend gemaak!
4 Aan wie het jy woorde meegedeel,
En wie se asem het van jou uitgegaan?
5 Dié wat magteloos is in die dood, bly bewe
Onder die waters en dié wat daarin woon.[c]
6 Sjeool lê naak voor hom,[d]
En die plek van vernietiging het geen bedekking nie.
7 Hy span die noorde uit oor die leë ruimte,[e]
Hang die aarde op aan niks;
8 Bind die waters in sy wolke saam,[f]
Sodat die wolkmassa nie daaronder skeur nie;
9 Omsluit die voorkant van die troon,
Sprei sy wolk daaroor uit.[g]
10 Hy het 'n kring oor die watervlak getrek,[h]
Tot waar lig in duisternis eindig.
11 Die pilare van die hemel skud,
En hulle is verbaas weens sy bestrawwing.
12 Deur sy krag het hy die see in beroering gebring,[i]
En deur sy verstand het hy die bestormer[j] verpletter.[k]
13 Deur sy wind het hy die hemel blink gevee,[a]
Sy hand het die seilende slang deurboor.[b]
14 Kyk! Dít is die rande van sy weë,[c]
En wat 'n fluistering van 'n saak is omtrent hom gehoor!
Maar wie kan sy magtige donder verstaan?"[d]

**27** En Job het weer sy spreuk[e] aangehef en gesê:

2 "So waar as God lewe,[f] wat my reg weggeneem het,[g]
En so waar as die Almagtige lewe, wat my siel bitter gemaak het,[h]
3 Terwyl my asem nog heeltemal in my is,
En die gees van God in my neusgate is,[i]
4 Sal my lippe geen onregverdigheid spreek nie
En sal my tong geen bedrog mompel nie!
5 Dit is vir my ondenkbaar dat ek julle regverdig sou verklaar![j]
Totdat ek sterf, sal ek my onkreukbaarheid[k] nie prysgee nie!
6 Aan my geregtigheid het ek vasgehou, en ek sal dit nie laat los nie;[l]
My hart sal my nie oor een van my dae smaad nie.[m]
7 Laat my vyand in elke opsig 'n goddelose mens word,[n]
En die een wat teen my in opstand kom, werklik 'n kwaaddoener.
8 Want wat is die hoop van 'n afvallige as hy hom afsny,[o]

HFST. 26
a Job 16:2
b Job 12:2 Job 15:8 Job 17:10
c Ps 104:25
d Ps 139:8 Heb 4:13
e Job 9:8 Ps 104:2 Jes 42:5
f Spr 30:4 Pr 11:3
g Eks 34:5 Ps 97:2
h Spr 8:27 Jes 40:22 Jer 5:22
i Ps 74:13 Jes 51:15
j Job 9:13
k Ps 72:4 Jes 2:12 Da 2:35

Tweede kol.
a Ps 33:6 Ps 104:30
b Ps 74:13 Jes 27:1 Jes 51:9
c Ps 65:4 Ps 92:5 Pr 3:11 Jes 55:9
d Job 37:5

HFST. 27
e Ps 49:4 Ps 78:2
f De 6:13 De 10:20 Jer 12:16 Heb 6:16
g Job 34:5
h Rut 1:20 2Kn 4:27
i Ge 2:7 Jes 42:5 Han 17:25
j De 25:1 Job 40:8 Spr 17:15
k Job 22:1 Job 22:5 Spr 27:11 Mt 24:9 Op 2:10 Op 6:11
l Job 2:3
m Han 24:16
n 1Sa 25:26
o Job 13:16 Job 36:13 Heb 6:6

As God sy siel van hom wegneem?[a]
9 Sal God sy geroep hoor
As benoudheid oor hom kom?[b]
10 Of sal hy hom uitermate verlustig in die Almagtige?
Sal hy God te alle tye aanroep?
11 Ek sal julle deur die hand van God onderrig;
Wat by die Almagtige is, sal ek nie verberg nie.[c]
12 Kyk! Julle het almal visioene gesien;
Waarom tree julle dan heeltemal sinneloos op?[d]
13 Dit is die goddelose mens se deel wat van God kom;[e]
En die erfdeel van die tiranne sal hulle van die Almagtige ontvang.
14 As sy kinders baie word, is dit vir 'n swaard;[f]
En sy nakomelinge sal nie genoeg voedsel hê nie.
15 Sy oorlewendes sal gedurende 'n dodelike plaag begrawe word,
En hulle weduwees sal nie huil nie.[g]
16 As hy silwer ophoop soos stof,
En hy klere gereedmaak asof dit klei is,
17 Sal hy dit gereedmaak, maar die regverdige sal dit aantrek,[h]
En die onskuldige sal 'n aandeel in die silwer hê.
18 Hy het sy huis gebou soos 'n blote mot,
En soos 'n hut[i] wat deur 'n wag gemaak is.
19 Ryk sal hy gaan lê, maar niks sal versamel word nie;
Sy oë het hy oopgemaak, maar daar sal niks wees nie.[j]

HFST. 27
a Lu 12:20
b Job 35:12 Ps 18:41 Spr 28:9 Jer 11:11 Jak 4:3
c Han 20:20
d Jer 23:16
e Ps 11:6 Pr 8:13 Mal 3:5
f Est 9:10 Ho 9:13
g Ps 78:64
h Spr 13:22 Spr 28:8 Pr 2:26
i Jes 1:8 Klg 2:6
j Job 14:10

Tweede kol.
a Ps 73:19
b Jer 18:17
c Mt 7:27
d Ps 83:15 Jer 13:14
e Jes 10:3 Am 2:14
f Nu 24:10 Klg 2:15 Na 3:19
g 1Kn 9:8 Sef 2:15

HFST. 28
h Spr 17:3 Mal 3:3
i De 8:9
j Ge 11:6 Lu 1:51
k Am 9:2
l Ge 1:11 Ps 104:14
m Job 28:16

20 Soos waters sal skielike verskrikkinge hom oorval;[a]
In die nag sal 'n stormwind hom beslis wegsteel.
21 'n Oostewind sal hom wegvoer,[b] en hy sal weggaan,
En dit sal hom wegwaai uit sy plek.[c]
22 En dit sal teen hom aanstorm en geen medelye hê nie;[d]
Vir die krag daarvan sal hy vir seker probeer vlug.[e]
23 Iemand sal oor hom sy hande klap[f]
En sal vanuit sy plek oor hom fluit.[g]

28 "Waarlik, vir silwer is daar 'n plek waar dit gevind word
En 'n plek vir goud wat hulle louter;[h]
2 Yster word uit die stof gehaal[i]
En koper word uit klip gegiet.
3 'n Einde het hy aan die duisternis gemaak;
En tot elke uiterste soek hy[j]
Die klip in die donker en in die diep skaduwee.
4 Hy het 'n skag gesink ver van waar mense as vreemdelinge woon,[k]
Vergete plekke ver van die voet;
Sommige van die sterflike mense het na onder geswaai, hulle het heen en weer geswaai.
5 Wat die aarde betref, daaruit kom voedsel voort;[l]
Maar daaronder is dit omgewoel asof deur vuur.
6 Die klippe daarvan is die plek van die saffier,[m]

En dit het stofgoud.
7 ’n Pad—geen roofvoël[a] het dit geken nie,
En ook het die oog van ’n swartwou[b] dit nie gesien nie.
8 Die majestueuse wilde diere het dit nie vasgetrap nie;
Die jong leeu het nie daaroor geloop nie.
9 Oor die vuurklip het hy sy hand uitgesteek;
Hy het berge van hulle wortel af omgekeer;
10 In die rotse het hy watergevulde gange gegrawe,[c]
En sy oog het alle kosbare dinge gesien.
11 Die plekke waarvandaan riviere gedrup het, het hy toegedam,[d]
En wat verborge is, bring hy aan die lig.
12 Maar wysheid—waar kan dit gevind word,[e]
En waar is die plek van verstand tog?
13 Die sterflike mens het nie die waarde daarvan te wete gekom nie,[f]
En dit word nie in die land van die lewendes gevind nie.
14 Die waterdiepte het gesê: ‘Dit is nie in my nie!’
Ook die see het gesê: ‘Dit is nie by my nie!’[g]
15 Suiwer goud kan nie in ruil daarvoor gegee word nie,[h]
En silwer kan nie as die prys daarvoor afgeweeg word nie.
16 Daarvoor kan nie betaal word met goud van Ofir,[i]
Met die seldsame onikssteen en die saffier nie.
17 Goud en glas kan nie daarmee vergelyk word nie,
En ook kan geen houer van gelouterde goud daarvoor geruil word nie.
18 Koraal[a] en bergkristal sal nie genoem word nie,
Maar ’n sak vol wysheid is meer werd as ’n sak vol pêrels.[b]
19 Die topaas[c] van Kus kan nie daarmee vergelyk word nie;
Daarvoor kan nie betaal word selfs met suiwer goud nie.
20 Maar wysheid—waar kom dit vandaan,[d]
En waar is die plek van verstand tog?
21 Dit is verborge selfs vir die oë van almal wat lewe,[e]
En vir die voëls van die hemel is dit weggesteek.
22 Vernietiging en die dood het gesê:
‘Met ons ore het ons ’n berig daaromtrent gehoor.’
23 God het die weg daarvan verstaan,[f]
En hy het die plek daarvan geken,
24 Want hy kyk tot reg by die eindes van die aarde;[g]
Onder die ganse hemel sien hy,
25 Om ’n gewig vir die wind te maak,[h]
Terwyl hy die waters volgens ’n maat afgemeet het;[i]
26 Toe hy vir die reën ’n voorskrif gemaak het,[j]
En ’n weg vir die donderende onweerswolk,
27 Toe het hy wysheid gesien en daarvan vertel;
Hy het dit berei en dit ook deurvors.

HFST. 28
a Ese 39:4
b Le 11:14, De 14:13
c 2Kn 20:20, 2Kr 32:30
d Jes 44:27, Jes 45:1, Jer 50:38, Jer 51:32
e Job 28:28, Spr 2:6, Jak 1:5
f Ps 49:7, Spr 3:15
g Ro 11:34
h Spr 3:14
i Jes 13:12

Tweede kol.
a Spr 8:11, Spr 20:15
b Spr 16:16
c Eks 28:17
d Job 28:12, Jak 1:5
e Pr 8:17, 1Ko 2:8
f Spr 30:4, Ro 1:20
g Spr 15:3, Sag 4:10, 1Pe 3:12
h Ps 135:7, Ps 148:8, Pr 1:6
i Job 5:10, Job 26:8, Job 37:10, Spr 30:4, Jes 40:12
j Job 38:25, Sag 10:1

28 En hy het vir die mens gesê:
'Kyk! Die vrees van Jehovah—dit is wysheid,[a]
En om van die kwaad af te wyk, is verstand.' "[b]

# 29

En Job het weer sy spreuk aangehef en gesê:
2 "Ag, as ek maar was soos in die maanmaande van lank gelede,[c]
Soos in die dae toe God my bewaar het;[d]
3 Toe hy sy lamp oor my hoof laat skyn het,
Toe ek by sy lig deur die duisternis gewandel het;[e]
4 Net soos ek in die dae van my fleur was,[f]
Toe intimiteit met God in my tent was;[g]
5 Toe die Almagtige nog met my was,
Toe my dienaars rondom my was!
6 Toe ek my voetstappe in botter gewas het,
En die rots vir my strome olie bly uitgiet het;[h]
7 Toe ek uitgegaan het na die poort by die stad,[i]
Op die openbare plein my sitplek reggemaak het![j]
8 Die seuns het my gesien en weggekruip,
En selfs die bejaardes het opgestaan, hulle het bly staan.[k]
9 Vorste het woorde ingehou,
En die palm het hulle op hulle mond gelê.[l]
10 Die stem van die leiers is verberg,
En hulle tong het aan hulle verhemelte gekleef.[m]
11 Want die oor het geluister en my gelukkig genoem,
En die oog het gesien en vir my getuig.
12 Want ek het die geteisterde gered wat om hulp geroep het,[a]
En die vaderlose seun en enigiemand wat geen helper gehad het nie.[b]
13 Die seën[c] van die een wat op die punt gestaan het om te sterf—op my het dit gekom,
En die hart van die weduwee het ek bly gemaak.[d]
14 Met regverdigheid het ek my beklee, en dit het my beklee.[e]
My geregtigheid was soos 'n moulose oorkleed—en 'n tulband.
15 Oë het ek vir die blinde geword;[f]
En voete was ek vir die kreupele.
16 Ek was 'n ware vader vir die armes;[g]
En die regsaak van iemand wat ek nie geken het nie—dit het ek ondersoek.[h]
17 En ek het die kakebene van die kwaaddoener gebreek,[i]
En uit sy tande het ek die prooi weggeruk.
18 En ek het altyd gesê: 'In my nes sal ek sterf,[j]
En soos die sandkorrels sal ek my dae vermenigvuldig.[k]
19 My wortel is oop vir die water,[l]
En dou sal op my tak oornag.
20 My heerlikheid bly nuut by my,
En my boog in my hand sal herhaaldelik skiet.'
21 Na my het hulle geluister; en hulle het gewag,
En hulle het stilgebly in afwagting van my raad.[m]

HFST. 28
a De 4:6, Ps 111:10, Spr 9:10, Pr 12:13, Ro 1:20
b Spr 3:7, 1Pe 3:11

HFST. 29
c Job 3:6
d Job 1:10
e Ps 18:28, Ps 119:105
f Pr 11:10
g Ps 25:14, Spr 3:32
h De 32:4, De 32:13, De 33:24
i De 16:18, Rut 4:1
j Ne 8:1
k Le 19:32
l Job 21:5
m Ps 137:6

Tweede kol.
a Ps 72:12, Spr 21:13, Spr 24:11
b De 10:18, Jak 1:27
c De 24:13
d De 10:18
e De 24:13, Ps 132:9, Jes 61:10, Ef 6:14
f Nu 10:31
g Lu 14:13, Jak 1:27
h Spr 29:7
i Ps 58:6, Spr 30:14
j Ge 25:8, 2Kn 22:20, Job 42:17
k Ps 30:6
l Ps 1:3, Jer 17:8
m Job 29:9

22 Ná my woord het hulle nie weer gepraat nie,
En op hulle het my woord gedrup.[a]
23 En hulle het op my gewag soos op die reën,[b]
En hulle mond het hulle wyd oopgemaak vir die lentereën.[c]
24 Ek het vir hulle geglimlag —hulle het dit nie geglo nie—
En hulle het die lig van my gesig[d] nie verdonker nie.
25 Ek het die weg vir hulle gekies, en ek het as hoof gesit;
En ek het soos ’n koning onder sy troepe gewoon,[e]
Soos iemand wat die treurendes vertroos.[f]

**30** “En nou het hulle my uitgelag,[g]
Dié wat jonger in dae is as ek,[h]
Wie se vaders ek nie
By die honde van my kudde sou gesit het nie.
2 Selfs die krag van hulle hande—van watter nut was dit vir my?
In hulle het die lewenskrag vergaan.[i]
3 Weens gebrek en honger is hulle onvrugbaar,
Hulle wat knaag aan ’n waterlose streek,[j]
Waar daar gister storm en verwoesting was.
4 Hulle het die soutkruid by die struike gepluk,
En die wortel van besemstruike was hulle voedsel.
5 Uit die gemeenskap is hulle verdryf;[k]
Mense het vir hulle geskreeu soos vir ’n dief.
6 Op die helling van stroomvalleie moet hulle woon,
In gate in die grond en in rotse.
7 Tussen die struike het hulle geskreeu;
Onder die netels het hulle saamgebondel.
8 Kinders van die verstandelose,[a] ook kinders van die naamlose,
Hulle is uit die land gegesel.
9 En nou het ek selfs die tema van hulle lied geword,[b]
En ek is vir hulle ’n skimpwoord.[c]
10 Hulle het my verfoei, hulle het ver van my af gebly;[d]
En hulle het hulle nie daarvan weerhou om in my gesig te spoeg nie.[e]
11 Want hy het my boogsnaar losgemaak en my verneder,
En die toom het hulle weens my slap gelos.
12 Aan my regterhand staan hulle op as ’n gebroedsel;
Hulle het my voete laat gaan,
Maar hulle het hulle onheilsversperrings teen my opgewerp.[f]
13 Hulle het my paaie opgebreek;
Hulle het net my teëspoed bevorder,[g]
Sonder dat hulle self ’n helper het.
14 Soos deur ’n wye gaping kom hulle;
Onder ’n storm het hulle aangerol gekom.
15 Skielike verskrikkinge is teen my gerig;
My statige houding word soos die wind verjaag,

**HFST. 29**
a Ese 21:2
b Ps 72:6
c Spr 16:15
d Job 30:26
e Job 1:3
f Pr 7:2 1Te 5:11

**HFST. 30**
g Job 12:4
h 1Pe 5:5
i Jes 1:31
j Jer 17:6
k Ge 4:12 Ps 109:10 Da 4:25

**Tweede kol.**
a 1Sa 25:25 Jes 32:6
b Ps 69:12 Klg 3:14
c Job 17:6
d Job 19:13
e Nu 12:14 De 25:9 Jes 50:6 Mt 27:30
f Job 19:12
g Job 16:2 Ps 69:26

En soos 'n wolk het my redding verbygegaan.
16 En nou word my siel in my uitgestort;[a]
Dae van ellende[b] gryp my aan.
17 Snags is my gebeente[c] deurboor en het dit van my afgeval,
En pyne wat aan my knaag, rus nooit nie.[d]
18 Deur die oorvloed van krag ondergaan my kleed 'n verandering;
Soos die kraag van my lang kleed omsluit dit my.
19 Hy het my na die klei afgebring,
Sodat ek soos stof en as daar uitsien.
20 Ek roep tot u om hulp, maar u antwoord my nie;[e]
Ek het gaan staan, sodat u op my sou ag gee.
21 U verander u om wreed teenoor my te word;[f]
Met die volle mag van u hand is u my vyandiggesind.
22 U tel my op die wind, u laat my daarop ry;
Dan maak u my met 'n harde slag tot niet.
23 Want ek weet goed dat u my na die dood sal laat terugkeer,[g]
En na die huis van samekoms vir almal wat lewe.
24 Maar niemand steek sy hand uit teen 'n blote puinhoop nie,[h]
En ook is daar gedurende iemand se agteruitgang nie 'n hulpgeroep oor dié dinge nie.
25 Ja, ek het gehuil oor die een wat 'n moeilike dag het;[i]
My siel was bedroef oor die arme.[a]
26 Hoewel ek op die goeie gewag het, het die slegte gekom;[b]
En ek het die lig bly verwag, maar donkerheid het gekom.
27 My ingewande het begin kook en het nie stilgebly nie;
Ek het voor dae van ellende te staan gekom.
28 Bedroef[c] het ek rondgeloop wanneer daar geen sonlig was nie;
Ek het in die gemeente opgestaan, ek het om hulp bly roep.
29 'n Broer het ek vir die jakkalse geword,
En 'n metgesel vir die dogters van die volstruis.[d]
30 My vel het swart geword[e] en van my afgeval,
En my gebeente het warm geword van droogheid.
31 En my harp is nou bloot vir 'n rouklag,
En my fluit vir die stem van dié wat huil.

**31** "'n Verbond het ek met my oë gesluit.[f]
Hoe sou ek dan kon ag gee op 'n maagd?[g]
2 En watter deel kom van God daar bo,[h]
Of erfdeel van die Almagtige uit die hoogte?
3 Is die ongeluk nie vir 'n kwaaddoener[i]
En teëspoed vir dié wat skadelike dinge beoefen nie?
4 Sien hy nie my weë[j]
En tel hy nie selfs al my voetstappe nie?
5 As ek met manne van onwaarheid gewandel het[k]

HFST. 30
a Ps 22:14
b Job 10:15
c Ps 6:2
d Job 2:8, Job 2:13, Job 7:4
e Job 19:7, Ps 22:2, Klg 3:8
f Job 7:20, Job 19:6
g Ge 3:19
h Job 13:25
i Ps 35:13, Ro 12:15

Tweede kol.
a Spr 14:21, Spr 14:31, Spr 19:17
b Jer 8:15, Jer 14:19
c Ps 38:6, Ps 42:9, Ps 43:2
d Mi 1:8
e Job 7:5, Ps 119:83, Klg 4:8

HFST. 31
f Spr 6:25, Mt 5:28
g Job 31:9, 1Ko 7:1
h Job 20:29
i Ps 73:18, Spr 10:29
j Ge 16:13, 2Kr 16:9, Ps 139:3, Spr 5:21, Jer 32:19
k Ps 26:5

En my voet hom na bedrog haas,[a]
6 Sal hy my op 'n akkurate weegskaal weeg,[b]
En God sal my onkreukbaarheid te wete kom.[c]
7 As my voetstappe van die weg afwyk,[d]
Of my hart bloot agter my oë aan geloop het,[e]
Of enige smet aan my palms gekleef het,[f]
8 Laat my dan saad saai en iemand anders eet,[g]
En laat my nakomelinge ontwortel word.
9 As my hart oor 'n vrou verlok was,[h]
En ek by die ingang van my metgesel op die loer bly lê het,[i]
10 Laat my vrou dan vir 'n ander man maal,
En laat ander manne oor haar neerkniel.[j]
11 Want dit sou losbandige gedrag wees,
En dit sou 'n oortreding vir die aandag van die regters wees.[k]
12 Want dit is 'n vuur wat tot vernietiging toe sou verteer,[l]
En onder my ganse opbrengs sou dit wortelskiet.
13 As ek die reg geweier het van my slaaf
Of van my slavin wanneer hulle 'n regsaak met my gehad het,
14 Wat kan ek dan doen wanneer God opstaan?
En wanneer hy rekenskap eis, wat kan ek hom antwoord?[m]
15 Het die Een wat my in die moederskoot gemaak het, hom nie gemaak nie,[n]
En het nie net Een ons in die moederskoot berei nie?
16 As ek die geringes hulle welbehae ontsê het,[a]
En ek die oë van die weduwee laat ingee het,[b]
17 En ek my stukkie alleen geeet het,
Terwyl die vaderlose seun nie daarvan geëet het nie[c]
18 (Want van my jeug af het hy by my grootgeword soos by 'n vader,
En van die skoot van my moeder af het ek haar deurentyd gelei);
19 As ek iemand sien omkom het omdat hy geen kleed het nie,[d]
Of dat die arme geen bedekking het nie;
20 As sy lendene my nie geseën het nie,[e]
En hy hom nie met die wolskeersel[f] van my jong ramme warm gemaak het nie;
21 As ek my hand heen en weer beweeg het teen die vaderlose seun,[g]
Wanneer ek gesien het dat my hulp in die poort nodig is,[h]
22 Laat my skouerblad dan van sy skouer afval,
En laat my arm van sy boarmbeen afgebreek word.
23 Want die ongeluk wat van God kom, was iets wat ek gevrees het,
En teen sy waardigheid[i] kon ek nie standhou nie.
24 As ek my op goud verlaat het,
Of vir goud gesê het: 'Jy is my vertroue!'[j]

HFST. 31
a Spr 6:18
b 1Sa 2:3 Da 5:27
c Job 2:3 Job 27:5 Ps 7:8
d De 11:16 Jer 10:23
e Nu 15:39 Pr 11:9 Ese 6:9 Mt 5:29 1Jo 2:16
f Jes 33:15
g Le 26:16
h Job 31:1 Mt 5:28
i Job 24:15
j 2Sa 12:11 Jer 8:10
k Ge 38:24 Le 20:10 De 22:22
l Spr 6:27 Spr 7:27
m Ps 82:3 Spr 22:23 Jes 10:3
n Job 34:19 Ps 139:16 Spr 14:31 Spr 22:2 Mal 2:10

Tweede kol.
a De 15:7
b De 10:18 Spr 28:27
c Ese 18:7 Jak 1:27 1Jo 3:17
d Jes 58:7 Mt 25:36 Lu 3:11 Jak 2:15
e De 24:13
f De 18:4
g Spr 14:21
h De 16:18
i Job 13:11
j Ps 49:6 Spr 11:28 1Ti 6:17

25 As ek bly was omdat ek baie eiendom gehad het,[a]
En omdat my hand baie dinge gevind het;[b]
26 As ek die lig gesien het wanneer dit begin straal,
Of die kosbare maan wat voortbeweeg,[c]
27 En my hart in die geheim verlok is[d]
En my hand my mond gesoen het,
28 Sou ook dit ’n oortreding vir die aandag van die regters wees,
Want ek sou die ware God daar bo verloën het.
29 As ek bly was oor die ondergang van iemand wat my intens haat,[e]
Of ek opgewonde was omdat kwaad hom getref het—
30 En ek het my verhemelte nie toegelaat om te sondig
Deur ’n vloek teen sy siel te vra nie.[f]
31 As die manne van my tent nie gesê het:
‘Wie kan iemand bring wat nie met sy voedsel versadig is nie?’[g]—
32 Geen inwonende vreemdeling het buite oornag nie;[h]
My deure het ek oopgehou na die pad toe.
33 As ek soos ’n mens my oortredings bedek het[i]
Deur my ongeregtigheid in my hempsak weg te steek—
34 Omdat ek vir ’n groot menigte gesidder het,
Of die veragting van families my verskrik het
En ek stilgebly het, het ek nie by die ingang uitgegaan nie.

HFST. 31
a Est 5:11 Ps 62:10 Spr 11:28
b De 8:17
c De 4:19
d De 11:16
e Spr 17:5 Spr 24:17
f Mt 5:44 Ro 12:14
g Ge 18:5 Ro 12:13
h Ge 19:3 Rig 19:21 Mt 25:35 Heb 13:2 1Pe 4:9
i Ge 3:8 Spr 28:13 Han 5:8

Tweede kol.
a Job 19:7
b Job 13:22
c Job 29:6
d Jak 5:4
e 1Kn 21:15
f Ge 3:18

HFST. 32
g Job 6:29 Job 27:6 Spr 3:7
h Ge 22:21
i Job 10:3
j Eks 20:7 Job 4:18 Job 22:3 Job 25:5 Job 42:8
k Le 19:32

35 Ag, as ek maar iemand gehad het wat na my luister,[a]
As die Almagtige my maar volgens my handtekening wou antwoord![b]
Of as die persoon in die regsaak met my maar ’n dokument geskryf het!
36 Waarlik, op my skouer sou ek dit dra;
Ek sou dit om my bind soos ’n luisterryke kroon.
37 Die getal van my voetstappe sou ek hom vertel;[c]
Soos ’n leier sou ek na hom toe gaan.
38 As my grond teen my om hulp sou roep,
En sy vore saam sou huil;
39 As ek sy opbrengs sonder geld geëet het,[d]
En ek die siel van sy eienaars laat hyg het,[e]
40 Laat dan die doringrige onkruid in plaas van koring uitspruit,[f]
En stink onkruid in plaas van gars.”

Die woorde van Job het tot ’n einde gekom.

32 Toe het dié drie manne opgehou om Job te antwoord, omdat hy in sy eie oë regverdig was.[g]
2 Maar die toorn van Eli′hu, die seun van Bara′gel, die Busiet,[h] uit die familie van Ram, het ontvlam. Teen Job het sy toorn ontvlam omdat hy eerder sy eie siel regverdig verklaar het as God.[i]
3 Ook teen sy drie metgeselle het sy toorn ontvlam omdat hulle geen antwoord gevind het nie, maar God skuldig verklaar het.[j]
4 En Eli′hu het met woorde op Job gewag, omdat hulle ouer in dae was as hy.[k]

5 En Eli′hu het gaandeweg gesien dat daar geen antwoord in die mond[a] van die drie manne was nie, en sy toorn het verder ontvlam.
6 En Eli′hu, die seun van Bara′gel, die Busiet, het geantwoord en gesê:

“Ek is jonk in dae
En julle is bejaard.[b]
Daarom het ek my op die agtergrond gehou en was ek bang
Om my kennis aan julle mee te deel.
7 Ek het gesê: ‘Die dae moet praat,
En die veelheid van jare moet wysheid bekend maak.’[c]
8 Dit is sekerlik die gees in sterflike mense
En die asem van die Almagtige wat hulle begrip gee.[d]
9 Nie net dié wat oorvloedig in dae is, is wys nie,[e]
En ook nie net dié wat oud is, verstaan die reg nie.[f]
10 Daarom het ek gesê: ‘Luister tog na my.
Ek sal my kennis meedeel, ja ek.’
11 Kyk! Ek het gewag op julle woorde,
Ek het na julle redenasies bly luister,[g]
Totdat julle kon soek na woorde om te spreek.
12 En op julle het ek my aandag gerig gehou,
En kyk, daar is niemand wat Job teregwys nie,
Nie een van julle wat sy woorde beantwoord nie,
13 Sodat julle nie kan sê nie: ‘Ons het wysheid gevind;[h]
Dit is God wat hom verdryf, nie ’n mens nie.’
14 Aangesien hy geen woorde teen my aangevoer het nie,
Sal ek hom ook nie met julle woorde antwoord nie.
15 Hulle is verskrik, hulle het nie meer geantwoord nie;
Woorde het van hulle gewyk.
16 En ek het gewag, want hulle praat nie verder nie;
Want hulle het stilgestaan, hulle het nie meer geantwoord nie.
17 Ek sal my deel antwoord, ja ek;
Ek sal my kennis meedeel, ja ek;
18 Want ek het vol woorde geword;
Gees het druk op my uitgeoefen[a] in my buik.
19 Kyk! My buik is soos wyn wat geen opening het nie;
Soos nuwe leersakke wil dit oopbars.[b]
20 Laat my praat sodat dit my verligting kan gee.
Ek sal my lippe oopmaak sodat ek kan antwoord.[c]
21 Laat my asseblief nie partydigheid teenoor ’n mens betoon nie;[d]
En aan ’n mens sal ek nie ’n titel gee nie;[e]
22 Want ek weet beslis nie hoe ek ’n titel kan gee nie;
Maklik sou my Maker[f] my wegneem.

33 “Maar nou, o Job, hoor asseblief my woorde,
En luister tog na alles wat ek sê.
2 Kyk asseblief! Ek moet my mond oopmaak;
My tong tesame met my verhemelte[g] moet praat.

HFST. 32
a Ps 78:36; 2Ko 13:1; Tit 1:11
b Job 15:10; 1Ti 5:1; 1Pe 5:5
c 1Kn 12:6; Job 12:12
d 1Kn 3:12; 1Kn 4:29; Job 35:11; Spr 2:6; Pr 2:26; Da 1:17; Mt 11:25; Jak 1:5
e Ps 119:100; 1Ko 1:26
f Pr 4:13
g Jak 1:19
h Jer 9:23; 1Ko 1:29

Tweede kol.
a Ps 39:3; Jer 20:9; Han 18:25
b Mt 9:17
c Spr 15:28; 1Pe 3:15
d Le 19:15; Spr 24:23; Jak 3:17
e Mt 23:8; Lu 18:19
f Job 27:8; Job 35:10; Ps 95:6

HFST. 33
g Job 6:30; Ps 137:6

3 My woorde is die opregtheid van my hart,[a]
En kennis spreek my lippe in opregtheid uit.[b]
4 God se gees het my gemaak,[c]
En die Almagtige se asem het my lewend gemaak.[d]
5 Antwoord my as u kan,
Voer woorde voor my aan; neem tog u plek in.
6 Kyk! Ek is vir die ware God presies soos u;[e]
Uit die klei is ook ék gevorm.[f]
7 Kyk! Geen verskrikking in my sal u verskrik nie,
En geen druk[g] van my sal swaar op u wees nie.
8 Maar u het voor my ore gesê,
En die geluid van u woorde het ek bly hoor:
9 'Ek is suiwer, sonder oortreding;[h]
Rein is ek, en ek het geen ongeregtigheid nie.[i]
10 Kyk! Hy vind rede vir teenstand teen my,
Hy beskou my as 'n vyand van hom.[j]
11 Hy sit my voete in die blok,[k]
Hy gee ag op al my paaie.'[l]
12 Kyk! Hierin was u nie reg nie,[m] antwoord ek u;
Want God is baie meer as 'n sterflike mens.[n]
13 Waarom het u teen hom gestry,[o]
Omdat hy al u woorde nie beantwoord nie?[p]
14 Want God praat een keer,
En twee keer[q]—hoewel 'n mens nie daarop ag slaan nie—
15 In 'n droom,[r] 'n nagvisioen,[s]
Wanneer 'n diep slaap op die mense val,
Gedurende sluimeringe op die bed.[t]
16 Dán open hy die oor van die mense,[a]
En op die vermaning aan hulle druk hy sy seël,
17 Om 'n mens van sy daad af te keer,[b]
En om trots[c] vir 'n man te verberg.
18 Hy hou sy siel terug van die kuil,[d]
En sy lewe, dat dit nie deur 'n werpspies vergaan nie.[e]
19 En hy word met pyn op sy bed tereggewys,
En daar is 'n aanhoudende stryd in sy gebeente.
20 En sy lewe laat hom beslis 'n weersin kry in brood,[f]
En sy siel in begeerlike voedsel.
21 Sy vlees teer weg en verdwyn uit die gesig,
En sy gebeente, wat nie sigbaar was nie, word beslis ontbloot.
22 En sy siel kom nader aan die kuil,[g]
En sy lewe aan dié wat die dood veroorsaak.
23 As daar vir hom 'n boodskapper is,
'n Woordvoerder, een uit duisend,
Om aan die mens sy regskapenheid bekend te maak,
24 Dan betoon hy guns aan hom en sê:
'Laat hom nie in die kuil afdaal nie![h]
Ek het 'n losprys gevind![i]
25 Laat sy vlees frisser word as in die jeug;[j]
Laat hy terugkeer na die dae van sy jeugdige krag.'[k]
26 Hy sal God dringend versoek dat hy behae in hom mag hê,[l]

HFST. 33
a Mt 12:34; Lu 6:45
b Spr 15:2; Spr 20:15
c Ps 119:73
d Ge 2:7; Job 32:8; Pr 12:7; Han 17:25
e Han 14:15
f Ge 2:7; Job 10:9; 1Ko 15:47; 2Ko 4:7
g Rig 16:16; Lu 24:29
h Job 10:7; Job 16:17; Job 23:11
i Job 29:14; Spr 21:2
j Job 13:24; Job 16:9; Job 19:11
k Job 13:27; Jer 20:2; Han 16:24
l Job 14:16; Job 31:4
m Spr 9:8; Ga 2:11
n Job 12:13; Ps 8:4; Jes 40:25; Jes 55:9
o Jes 45:9; Ro 9:20; 1Ko 10:22
p Job 13:24
q Job 40:5; Ps 62:11
r Da 4:5
s Nu 12:6
t Da 4:5

Tweede kol.
a Job 36:10
b Ge 20:6; Mt 2:12; Mt 27:19
c Da 4:25
d Ge 31:24
e 2Kr 32:5; Ef 6:16
f Ps 107:18
g Ps 89:48
h Job 14:13
i Job 19:25; Ps 49:7; Mt 20:28
j 2Kn 5:14
k De 34:7; Job 42:16; Ps 103:5
l Ps 30:8

En hy sal sy aangesig met gejuig sien,
En Hy sal Sy regverdigheid aan die sterflike mens teruggee.
27 Hy sal vir die mense sing en sê:
'Ek het gesondig;[a] en wat reg is, het ek verdraai,
En dit was beslis nie die regte ding vir my nie.
28 Hy het my siel verlos, sodat dit nie in die kuil sou ingaan nie,[b]
En my lewe sal die lig sien.'
29 Kyk! Dit alles doen God,
Twee keer, drie keer, in die geval van 'n man,
30 Om sy siel weg te keer van die kuil af,[c]
Sodat hy verlig kan word met die lig van die lewendes.[d]
31 Skenk aandag, o Job! Luister na my!
Swyg, en ek sal verder praat.
32 As daar enige woorde is om te sê, antwoord my;
Praat, want ek het behae geskep in u regverdigheid.
33 So nie, luister u dan na my;[e]
Swyg, en ek sal u wysheid leer."

**34** En Eli'hu het verder geantwoord en gesê:
2 "Luister, o wyses, na my woorde;
En julle wat weet, hoor my aan.
3 Want die oor toets woorde,[f]
Net soos die verhemelte proe wanneer daar geeet word.[g]
4 Laat ons vir ons die reg kies;
Laat ons onder mekaar te wete kom wat goed is.
5 Want Job het gesê: 'Ek is beslis reg,[a]
Maar God het my reg laat wyk.[b]
6 Vertel ek leuens teen my eie reg?
My ernstige wond is ongeneeslik, hoewel daar geen oortreding is nie.'[c]
7 Watter man is soos Job,[d]
Wat bespotting drink soos water?[e]
8 En hy is beslis op pad om met dié wat skadelike dinge beoefen, om te gaan
En om saam met goddelose mense te wandel.[f]
9 Want hy het gesê: 'Dit baat 'n man niks[g]
Om behae in God te hê nie.'
10 Daarom, o manne met 'n verstandige hart,[h] luister na my.
Ver is dit van die ware God om goddeloos te handel,[i]
En van die Almagtige om onregverdig te handel![j]
11 Want volgens die handelswyse van die mens sal hy hom vergeld,[k]
En volgens die weg van 'n man sal hy dit oor hom laat kom.
12 Ja waarlik, God handel nie goddeloos nie,[l]
En die Almagtige verdraai nie die reg nie.[m]
13 Wie het aan hom die aarde toegewys,
En wie het hom aangestel oor die vrugbare land, ja, alles daarvan?
14 As hy sy hart op iemand rig,
As hy dié se gees en asem tot hom versamel,[n]
15 Sal alle vlees tesame sterf,
En die mens sal tot die stof terugkeer.[o]

HFST. 33
a 2Sa 12:13 Ps 32:5 Spr 28:13 Lu 15:21 1Jo 1:9
b Ps 19:14 Jes 38:17
c Job 33:24
d Ps 56:13
e Ps 34:11

HFST. 34
f Job 12:11 Han 17:11 Op 2:7
g Job 6:30

Tweede kol.
a Job 29:14 Job 33:9
b Job 27:2
c Job 9:17
d Job 2:3 Ese 14:20 Jak 5:11
e Job 15:16 Mt 5:39
f Spr 1:15 Spr 4:14
g Job 9:22 Job 35:3 Mal 3:14
h Job 34:34
i Ge 18:25 2Kr 19:7 Ps 92:15
j De 32:4 Ro 9:14 Heb 6:10
k 1Kr 28:9 Ps 62:12 Spr 24:12 Jer 32:19 Ese 33:20 Mt 16:27 Ro 2:6 2Ko 5:10 Ga 6:7 1Pe 1:17 Op 22:12
l Job 8:3 Jak 1:13
m Ps 89:14 Ps 97:2 Ps 99:4 Ro 2:11
n Job 27:3 Ps 104:29 Pr 12:7 Jes 42:5 Han 17:25
o Ge 3:19 Ps 146:4 Pr 3:20

16 As u dan verstand het, luister tog hierna;
Hoor tog die geluid van my woorde.
17 Waarlik, sal iemand wat geregtigheid haat, heers,[a]
En as ’n magtige regverdig is, sal u hom goddeloos verklaar?[b]
18 Sal ’n mens vir ’n koning sê: ‘Jy is niks werd nie’?
Vir edeles: ‘Jy is goddeloos’?[c]
19 Daar is Een wat geen partydigheid teenoor vorste betoon het nie
En op die edele nie meer ag gegee het as op die geringe nie,[d]
Want hulle almal is die werk van sy hande.[e]
20 In ’n oomblik sterf hulle,[f] ja, in die middel van die nag;[g]
Die volk steier heen en weer en verdwyn,
En magtiges wyk—nie deur ’n hand nie.[h]
21 Want sy oë is op die weë van die mens,[i]
En hy sien al sy voetstappe.
22 Daar is geen duisternis of diep skaduwee
Waarin dié wat skadelike dinge beoefen, hulle kan versteek nie.[j]
23 Want hy stel geen vasgestelde tyd vir enige mens
Om voor God in die gereg te gaan nie.
24 Hy verbreek magtiges[k] sonder enige ondersoek,
En hy laat ander in hulle plek opstaan.[l]
25 Daarom weet hy wat hulle werke is,[m]
En hy keer hulle in die nag om, en hulle word verbrysel.[n]
26 Soos goddeloses slaan hy hulle
Op die plek waar toeskouers is;[a]
27 Omdat hulle hulle daarvan afgekeer het om hom te volg[b]
En op geeneen van sy weë ag gegee het nie,[c]
28 Om die geroep van die geringe tot hom te laat kom;
En so hoor hy die geroep van die geteisterdes.[d]
29 Wanneer hy rus verskaf, wie kan dan veroordeel?
En wanneer hy sy aangesig verberg,[e] wie kan hom aanskou,
Hetsy vir ’n nasie[f] of ’n mens, wat dieselfde is?
30 Sodat ’n afvallige mens nie sal regeer nie,[g]
En daar ook geen strikke[h] vir die volk is nie.
31 Want sal iemand vir God sê:
‘Ek het dit gedra, hoewel ek nie verderflik handel nie;[i]
32 Onderrig u my, hoewel ek niks aanskou nie;
As ek enige onregverdigheid gepleeg het,
Sal ek dit nie weer doen nie’?[j]
33 Sal hy vanuit u standpunt daarvoor vergoed omdat u die reg weier,
Omdat u kies, en nie ek nie?
Ja, wat u goed weet, sê dit.
34 Manne met ’n verstandige hart[k] sal vir my sê—
Ja, ’n wyse man wat na my luister:
35 ‘Job praat sonder kennis,[l]
En sy woorde is sonder insig.’
36 My vader, laat Job tot die uiterste op die proef gestel word

HFST. 34
a 2Sa 23:3
b Ge 18:25
c Eks 22:28 Spr 17:26 Pr 8:4 Pr 10:20
d De 10:17 2Kr 19:7 Han 10:34 Ro 2:11 Ga 2:6 Ef 6:9
e Job 31:15 Spr 22:2
f Ps 73:19 Han 12:23
g Eks 12:29 Da 5:30 Lu 12:20
h 1Sa 25:38 Da 2:34
i Ge 6:5 2Kr 16:9 Job 31:4 Spr 5:21 Spr 15:3 Jer 16:17 Jer 32:19 1Pe 3:12
j Ps 139:12 Jes 29:15 Jer 23:24 Am 9:3 Heb 4:13
k Da 2:21
l Ese 21:27 Da 4:25
m Ho 7:2 2Ko 11:15 Tit 1:16
n 1Sa 4:17 Da 5:30

Tweede kol.
a Nu 12:10
b Eks 32:8 1Sa 15:11
c Ps 28:5 Jes 5:12
d Eks 22:23 Job 35:9 Jak 5:4
e Ps 27:9 Ps 30:7
f Ho 4:6
g Job 13:16 Job 27:8
h 1Kn 12:28 2Kn 21:9
i Da 9:7 Ro 3:23
j Spr 28:13
k Job 34:10
l Job 35:16 Job 38:2 Job 42:3

Weens sy antwoorde onder mense wat skadelike dinge beoefen.[a]
37 Want by sy sonde voeg hy opstandigheid;[b]
Onder ons klap hy sy hande en vermenigvuldig hy sy woorde teen die ware God!”[c]

35 En Eli′hu het verder geantwoord en gesê:
2 “Is dit wat u as geregtigheid beskou het?
U het gesê: ‘My regverdigheid is groter as dié van God.’[d]
3 Want u sê: ‘Van watter nut is dit vir u?[e]
Wat baat dit my meer as wanneer ek sondig?’[f]
4 Ek sal u antwoord
En u metgeselle[g] by u.
5 Kyk op na die hemel[h] en sien,
En aanskou die wolke,[i] dat hulle inderdaad hoër is as u.
6 As u sondig, wat rig u teen hom uit?[j]
En as u opstandige dade toeneem, wat doen u hom aan?
7 As u werklik reg is, wat gee u hom,
Of wat ontvang hy uit u hand?[k]
8 U goddeloosheid kan teen ’n man soos u wees,[l]
En u regverdigheid teenoor ’n mensekind.[m]
9 Weens die menigte van verdrukkinge bly hulle om hulp roep;[n]
Hulle bly om hulp roep weens die arm van die grotes.[o]
10 En tog het niemand gesê nie: ‘Waar is God, my Grootse Maker,[p]
Die Een wat melodieë in die nag gee?’[q]
11 Hy is die Een wat ons meer leer[a] as die diere van die aarde,[b]
En hy maak ons wyser as selfs die voëls van die hemel.
12 Daar bly hulle uitroep, maar hy antwoord nie,[c]
Weens die trots[d] van die slegtes.
13 Net die onwaarheid hoor God nie,[e]
En die Almagtige self aanskou dit nie.[f]
14 Hoeveel minder dan wanneer u sê dat u hom nie aanskou nie![g]
Die regsaak is voor hom, en u moet dus verlangend op hom wag.[h]
15 En nou, omdat sy toorn nie rekenskap geëis het nie,[i]
Het hy ook nie gelet op die buitengewone onbesonnenheid nie.[j]
16 En Job maak sy mond eenvoudig verniet wyd oop;
Sonder kennis vermenigvuldig hy blote woorde.”[k]

36 En Eli′hu het verder gesê:
2 “Wees ’n klein rukkie geduldig met my, en ek sal u meedeel
Dat daar nog woorde is om ten gunste van God te sê.
3 Ek sal my kennis van ver af bring,
En aan my Formeerder sal ek regverdigheid toeskryf.[l]
4 Want my woorde is inderdaad geen leuen nie;
Die Een wat volmaak is in kennis,[m] is met u.
5 Kyk! God is magtig[n] en sal nie verwerp nie;

HFST. 34
a Jak 5:11; 1Pe 1:7
b Job 10:1; Job 19:6
c Job 35:2

HFST. 35
d Job 10:7; Job 16:17; Job 34:5
e Job 21:15; Job 34:9
f Job 9:22; Ps 73:13; Mal 3:14
g Job 2:11
h Job 22:12
i Ps 68:34
j Spr 8:36; Spr 9:12; Jer 7:19
k Ps 16:2; Ro 11:35
l Spr 19:3; Ga 6:7
m Ese 33:16
n Eks 2:23; Job 34:28; Spr 29:2
o Ps 10:15
p Jes 51:13; 1Pe 4:19; Op 4:11
q Ps 42:8; Ps 77:6; Ps 149:5; Han 16:25

Tweede kol.
a Ps 94:12; Jes 48:17
b Ge 1:26; Spr 30:24
c Ps 18:41; Spr 1:28
d 1Pe 5:5
e Spr 15:29; Jes 1:15; Jer 11:11
f Hab 1:13
g Job 9:11
h Ps 37:5
i Ps 89:32
j Ps 103:12
k Job 34:35; Job 38:2

HFST. 36
l De 32:4; Ps 11:7; Ps 139:14; Ps 139:16; Da 9:14; Op 15:3
m 1Sa 2:3; Job 37:16
n Ps 24:8; Ps 99:4; Jer 32:18

Hy is magtig in die krag van 'n verstandige hart;
**6** Hy sal geen goddelose laat lewe nie,[a]
Maar aan die geteisterdes sal hy reg verskaf.[b]
**7** Hy sal sy oë nie van die regverdige afwend nie;[c]
Selfs konings op die troon[d]—
Hy sal hulle ook vir ewig laat sit, en hulle sal verhef word.
**8** En as hulle met boeie gebind word,[e]
Word hulle met toue van ellende gevange geneem.
**9** Dan sal hy hulle vertel van hulle handelswyse
En hulle oortredings, omdat hulle 'n meerderwaardige houding inneem.
**10** En hy sal hulle oor vir vermaning open,[f]
En hy sal sê dat hulle hulle moet afkeer van wat skadelik is.[g]
**11** As hulle gehoorsaam is en dien,
Sal hulle hulle dae eindig in wat goed is
En hulle jare in aangenaamheid.[h]
**12** Maar as hulle nie gehoorsaam is nie, sal hulle deur 'n werpspies[i] heengaan,[j]
En hulle sal sonder kennis sterf.
**13** En die afvalliges van hart sal toorn ophoop.[k]
Hulle moet nie om hulp roep omdat hy hulle gebind het nie.
**14** Hulle siel sal in die jeug sterf,[l]
En hulle lewe onder manlike tempelprostitute.[m]
**15** Hy sal die geteisterde in sy ellende red,
En hy sal hulle oor in die verdrukking open.
**16** En hy sal u ook beslis weglok uit die mond van benoudheid![a]
Wyer ruimte,[b] nie ingeperktheid nie, sal in die plek daarvan wees,
En die vertroosting van u tafel sal vol vettigheid wees.[c]
**17** Met die regterlike vonnis oor die goddelose[d] sal u beslis vervul word;
Regterlike vonnis en geregtigheid sal 'n houvas kry.
**18** Want pas op dat woede[e] u nie tot kwaadwillige handegeklap verlok nie,
En laat 'n groot losprys[f] u nie op 'n dwaalspoor bring nie.
**19** Sal u hulpgeroep 'n uitwerking hê?[g] Nee, en ook nie in benoudheid
Selfs al u kragtige pogings nie.[h]
**20** Moenie hyg na die nag,
Dat volke hulle moet terugtrek van waar hulle is nie.
**21** Pas op dat u u nie wend tot wat skadelik is nie,[i]
Want u het dít bo ellende verkies.[j]
**22** Kyk! God handel verhewe met sy krag;
Wie is 'n onderrigter soos hy?
**23** Wie het van hom rekenskap geëis oor sy weg,[k]
En wie het gesê: 'U het onreg gepleeg'?[l]
**24** Onthou dat u sy dade groot moet maak[m]
Waarvan mense gesing het.[n]

**HFST. 36**
a Ps 9:17; Ps 68:2; 2Pe 2:9
b Ps 10:14; Ps 140:12; Spr 22:23
c Ps 33:18; Ps 34:15
d Ps 78:70; Ps 113:8; Jes 9:7
e Ps 107:10
f Ps 33:16
g Ese 18:30
h Jes 1:19; Jer 26:13
i Job 33:18
j Jes 1:20; Ro 2:8
k Job 13:16; Ro 2:5
l Ps 55:23
m 1Kn 14:24

**Tweede kol.**
a Jes 30:21
b Ps 18:19; Ps 31:8; Ps 118:5
c Jes 25:6; Jes 55:2
d Spr 2:22; Jer 25:31
e Spr 19:19; Spr 29:22
f Ps 49:7
g Ese 8:18
h Job 34:20; Ps 33:16; Spr 11:4
i Ps 66:18
j Heb 11:25
k Jes 40:14
l Job 34:10; Ro 9:14
m Ps 92:5; Ps 104:24
n Eks 15:1; Op 15:3

25 Al die mense het hulle blik daarop gerig;
Die sterflike mens bly van ver af kyk.[a]
26 Kyk! God is meer verhewe as wat ons kan weet;[b]
Die getal van sy jare is onnaspeurlik.[c]
27 Want hy trek die waterdruppels op;[d]
Hulle sypel deur as reën vir sy mis,
28 Sodat die wolke drup;[e]
Hulle drup oorvloedig op die mensdom.
29 Ja, wie kan die wolklae verstaan,
Die harde slae vanuit sy hut?[f]
30 Kyk! Hy het sy lig daaroor uitgesprei,[g]
En die dieptes van die see het hy bedek.
31 Want daardeur bepleit hy die regsaak van volke;[h]
Hy gee voedsel in oorvloed.[i]
32 In sy hande het hy die weerlig bedek,
En hy gee daaraan bevel teen 'n aanvaller.[j]
33 Sy gedreun[k] vertel van hom,
Ook die vee omtrent die een wat opkom.

37 "Ja, hieroor begin my hart bewe,[l]
En dit spring op uit sy plek.
2 LUISTER aandagtig na die gedreun van sy stem[m]
En die gegrom wat uit sy mond uitgaan.
3 Onder die ganse hemel laat hy dit los,
En sy weerlig[n] reik tot aan die eindes van die aarde.
4 Daarna brul 'n geluid;
Hy donder[o] met die geluid van sy verhewenheid,[p]
En hy hou hulle nie terug wanneer sy stem gehoor word nie.[a]
5 God donder met sy stem[b] op 'n wonderbare wyse,
Terwyl hy groot dinge doen wat ons nie kan weet nie.[c]
6 Want vir die sneeu sê hy: 'Val aarde toe',[d]
Asook vir die stortreën, ja, vir sy sterk stortreëns.[e]
7 Op die hand van elke mens druk hy 'n seël,
Sodat elke sterflike mens sy werk kan ken.
8 En die wilde dier gaan in die hinderlaag,
En in sy skuilplekke woon hy.[f]
9 Uit die binnekamer[g] kom die stormwind,
En uit die noordewinde die koue.[h]
10 Deur die asem van God word die ys gegee[i]
En is die breedte van die waters ingeperk.[j]
11 Ja, met vogtigheid belaai hy die wolk,
Sy lig[k] verstrooi die wolkmassa,
12 En dit word rondgedraai deurdat hy hulle rig sodat hulle hulle werk doen
Waar hy hulle ook al op die oppervlak van die vrugbare land van die aarde bevel gee.[l]
13 Hetsy tot 'n roede[m] of vir sy land[n]
Of tot liefderyke goedhartigheid,[o] hy laat dit resultate oplewer.
14 Luister tog hierna, o Job;
Staan stil en gee ag op die wonderlike werke van God.[p]

HFST. 36
a Eks 20:18
b Ps 145:3, Ps 148:13, Op 10:6, Op 15:3
c Ps 90:2, Ps 102:27, 1Ti 1:17, Heb 1:12
d Ge 2:6, Am 5:8
e De 32:2, Spr 3:20, Jes 55:10, Jer 14:22
f 2Sa 22:12
g Job 37:3, Mt 24:27
h Eks 9:23, Jos 10:11, Job 37:13, Job 38:23
i Han 14:17
j 2Sa 22:15, Ps 18:14, Ps 144:6
k 1Kn 18:41

HFST. 37
l 1Sa 28:5
m Job 38:1
n Job 37:11, Ps 97:4, Lu 17:24
o Job 40:9, Ps 29:3
p Ps 148:13

Tweede kol.
a Ps 68:33
b 2Sa 22:14
c Pr 3:11, Op 15:3
d Ps 147:16, Jes 55:10
e Am 9:6
f Ps 104:22
g Ps 104:3
h Spr 25:23
i Job 38:29, Ps 147:16
j Job 26:8, Job 28:25, Job 38:30
k Job 37:3
l Ps 148:8
m Eks 9:23, 1Sa 12:18, Job 36:31
n Job 38:27
o 1Kn 18:45, Jak 5:18
p Ps 111:2, Ps 145:5

15 Weet u wanneer God hulle ’n bestemming opgelê het[a]
En wanneer hy die lig van sy wolk laat straal het?
16 Weet u iets van die gesweef van die wolk,[b]
Die wonderlike werke van die Een wat volmaak is in kennis?[c]
17 Waarom u klere warm is
Wanneer die aarde stil is vanuit die suide?[d]
18 Kan u saam met hom die hemelruim uitslaan,[e]
Hard soos ’n gegote spieël?
19 Maak aan ons bekend wat ons vir hom moet sê;
Ons kan geen woorde voortbring weens die duisternis nie.
20 Moet daar aan hom vertel word dat ek wil praat?
Of het iemand gesê dat dit meegedeel sal word?[f]
21 En nou sien hulle nie werklik die lig nie;
Dit is skitterend in die hemelruim
Wanneer ’n wind verbygegaan en dit skoongemaak het.
22 Uit die noorde kom goue prag.
Die waardigheid[g] van God is vreesinboesemend.
23 Wat die Almagtige betref, ons het hom nie deurgrond nie;[h]
Hy is verhewe in krag,[i]
En geregtigheid[j] en ’n oorvloed van regverdigheid[k] sal hy nie geringag nie.[l]
24 Laat die mense hom derhalwe vrees.[m]
Hy slaan geen ag op dié wat wys is in hulle eie hart nie.”[n]

# 38

En Jehovah het Job uit die windstorm[a] geantwoord en gesê:
2 “Wie is dit wat raad verduister
Deur woorde sonder kennis?[b]
3 Omgord asseblief jou lendene soos ’n man,
En laat ek jou uitvra, en lig jy my in.[c]
4 Waar was jy toe ek die aarde gegrondves het?[d]
Vertel my, as jy verstand het.
5 Wie het sy afmetings bepaal, as jy weet,
Of wie het die meetsnoer oor hom gespan?
6 Waarin is sy voetstukke[e] neergelaat,
Of wie het sy hoeksteen gelê,
7 Toe die môresterre[f] saam van vreugde uitgeroep het
En al die seuns van God[g] begin juig het?
8 En wie het die see met deure versper,[h]
Wat te voorskyn gekom het soos toe dit uit die moederskoot losgebreek het;
9 Toe ek die wolk sy kleding gemaak het
En dik donkerheid sy windsel,
10 En ek my voorskrif oor hom bepaal het
En ’n grendel en deure gestel het[i]
11 En ek gesê het: ‘Tot hiertoe mag jy kom, en nie verder nie;[j]
En hier word jou trotse golwe begrens’?[k]
12 Het jy sedert jou dae die oggend bevel gegee?[l]
Het jy aan die dagbreek sy plek bekend gemaak,

HFST. 37
a Job 38:4
b Job 36:29
c Job 36:4 Ps 18:30 Ps 104:24
d Lu 12:55
e Jes 44:24
f Ro 11:34
g 1Kr 16:27 1Kr 29:11 Ps 8:1
h Ps 145:3 Pr 3:11 Ro 11:33
i 1Kr 29:11 Job 36:22 Jes 40:26
j De 32:4 Ps 33:5 Ps 37:28
k Ps 11:7 Ps 71:19
l Han 10:35
m Ps 33:8 Spr 1:7 Mt 10:28
n Spr 3:7 Mt 11:25 Ro 11:20 Ro 12:16 1Ko 1:26

Tweede kol.

HFST. 38
a Eks 19:16 1Kn 19:11
b Job 42:3 1Ti 1:7
c Job 40:7
d Ge 1:1 Ne 9:6 Ps 104:5 Ps 136:6 Spr 8:29 Heb 1:10
e Ps 104:5
f Op 22:16
g Ge 6:2 1Kn 22:19 Job 1:6 Job 2:1 Ps 89:6 Ps 104:4
h Ps 33:7 Spr 8:29 Han 4:24
i Ge 1:9 Jer 5:22
j Spr 8:29
k Ps 89:9
l Ge 1:5 Ps 74:16 Ps 148:5

13 Om die eindes van die aarde vas te gryp,
Sodat die goddeloses van hom afgeskud word?[a]
14 Hy verander homself soos klei[b] onder 'n seël,
En die dinge neem hulle plek in asof in klere.
15 En die goddeloses word hulle lig ontsê,[c]
En die hoë arm word verbreek.[d]
16 Het jy gekom tot by die bronne van die see,
Of het jy rondgeloop op soek na die waterdiepte?[e]
17 Is die poorte van die dood[f] vir jou ontbloot,
Of kan jy die poorte van diep skaduwee[g] sien?
18 Het jy die wye ruimtes van die aarde met verstand beskou?[h]
Vertel my, as jy dit alles te wete gekom het.
19 Waar is tog die weg na waar die lig woon?[i]
Wat die duisternis betref, waar is tog sy plek,
20 Sodat jy dit na sy grens kan bring
En sodat jy die paaie na sy huis kan verstaan?
21 Het jy dit te wete gekom omdat jy toe gebore is[j]
En omdat die getal van jou dae groot is?
22 Het jy in die skatkamers van die sneeu ingegaan,[k]
Of sien jy die skatkamers van die hael,[l]
23 Wat ek teruggehou het vir die tyd van benoudheid,
Vir die dag van stryd en oorlog?[m]
24 Waar is tog die weg waarlangs die lig hom verdeel
En die oostewind[a] hom oor die aarde versprei?
25 Wie het 'n kanaal vir die vloed gekloof
En 'n weg vir die donderende onweerswolk,[b]
26 Om dit te laat reën op die land waar daar niemand is nie,[c]
Op die wildernis waarin daar geen mens is nie,
27 Om stormgeteisterde en verlate plekke te versadig
En om die jong gras te laat uitspruit?[d]
28 Is daar 'n vader vir die reën,[e]
Of wie het die doudruppels gebaar?[f]
29 Uit wie se moederskoot kom die ys voort,
En wat die ryp[g] van die hemel betref, wie baar dit tog?
30 Die waters hou hulle verborge soos deur klip,
En die oppervlak van die waterdiepte sluit aan mekaar.[h]
31 Kan jy die bande van die Kima-sterrebeeld vasbind,
Of kan jy die toue van die Kesil-sterrebeeld losmaak?[i]
32 Kan jy die Mas'sarot-sterrebeeld op sy vasgestelde tyd uitbring?
En wat die Asj-sterrebeeld tesame met sy kinders betref, kan jy hulle lei?
33 Het jy die insettinge van die hemel te wete gekom,[j]
Of sou jy die gesag daarvan op die aarde kon laat geld?
34 Kan jy jou stem tot die wolk verhef,
Sodat 'n deinende watermassa jou bedek?[k]

**HFST. 38**
a Job 24:15; 1Te 5:7
b Jer 18:6
c Eks 10:21; Job 33:30
d Ps 10:15; Jer 48:25; Ese 30:22
e Ge 1:2; Ps 77:19
f Ps 9:13; Ps 107:18; Mt 16:18; Op 1:18
g Job 10:21
h Ps 74:17; Ps 89:11
i Jes 45:7
j Job 38:12
k Job 6:16; Job 37:6
l Jos 10:11; Jes 30:30
m Eks 9:24; Ese 13:13

**Tweede kol.**
a Ps 78:26; Ps 135:7
b Job 28:26
c Ps 104:13; Ps 107:35
d 2Sa 23:4; Ps 147:8; Heb 6:7
e 1Sa 12:18; Jes 30:23; Jer 5:24
f Ge 27:28
g Ps 147:16
h Job 37:10
i Am 5:8
j Spr 3:19; Jer 31:35; Jer 33:25
k Sag 10:1

35 Kan jy weerligstrale uitstuur dat hulle heengaan
En vir jou sê: ‘Hier is ons!’?
36 Wie het wysheid[a] in die wolklae gelê,
Of wie het verstand[b] aan die hemelverskynsel gegee?
37 Wie kan die wolke met wysheid noukeurig tel,
Of die waterkruike van die hemel—wie kan hulle laat kantel[c]
38 Wanneer die stof uitvloei soos ’n gesmelte massa
En die grondkluite aan mekaar kleef?
39 Kan jy prooi jag vir ’n leeu
En kan jy die groot eetlus van jong leeus bevredig[d]
40 Wanneer hulle hulle krom buig in die skuilplekke,[e]
Of in die ruigte bly lê vir ’n hinderlaag?
41 Wie berei vir die raaf sy voedsel[f]
Wanneer sy kleintjies tot God om hulp roep,
Wanneer hulle bly ronddwaal omdat daar niks is om te eet nie?

39 “Het jy die vasgestelde tyd te wete gekom wanneer die bergbokke van die krans geboorte gee?[g]
Neem jy waar presies wanneer die takbokooie met geboortepyne voortbring?[h]
2 Tel jy die maanmaande wat hulle vervul,
Of het jy die vasgestelde tyd te wete gekom wanneer hulle geboorte gee?
3 Hulle buig hulle krom wanneer hulle hulle kleintjies werp,
Wanneer hulle van hulle pyne ontslae raak.
4 Hulle kleintjies word sterk, hulle word groot in die oop veld;
Hulle gaan weg en keer nie na hulle toe terug nie.
5 Wie het die sebra[a] in vryheid uitgestuur,
En wie het die bande van die wilde-esel losgemaak,
6 Vir wie ek die woestynvlakte as sy huis bestem het
En die brak grond[b] as sy woonplekke?
7 Hy lag oor die gewoel van ’n stad;
Die geluide van ’n bekruiper[c] hoor hy nie.
8 Hy deurkruis berge vir sy weiding,[d]
En na elke soort groen plant[e] soek hy.
9 Wil ’n wilde bul jou dien,[f]
Of sal hy by jou krip oornag?
10 Sal jy ’n wilde bul met sy toue in die voor vasbind,
Of sal hy die laagvlaktes agter jou eg?[g]
11 Sal jy op hom vertrou omdat sy krag oorvloedig is,
En sal jy jou moeisame arbeid aan hom oorlaat?
12 Sal jy op hom reken, dat hy jou saad sal terugbring
En dat hy op jou dorsvloer sal insamel?
13 Het die vlerk van die volstruiswyfie vrolik geklap,
Of het sy die vlerke en vere van ’n ooievaar?[h]
14 Want sy laat haar eiers aan die aarde oor,

HFST. 38
a Jer 10:12
b Ps 136:5; Spr 3:20
c Jer 10:13
d Ps 104:21; Ps 145:15; Na 2:12
e Klg 3:10
f Ps 104:27; Ps 147:9; Mt 6:26; Lu 12:24

HFST. 39
g Ps 104:18
h Ps 29:9

Tweede kol.
a Job 24:5; Ps 104:11
b De 29:23; Jer 17:6
c Job 3:18
d Job 40:20
e Ge 1:30; Job 40:15
f Nu 23:22; De 33:17; Ps 29:6
g Jes 28:24
h Ps 104:17; Sag 5:9

En in die stof hou sy hulle warm,
15 En sy vergeet dat ’n voet hulle kan verbrysel
Of selfs ’n wilde dier van die veld op hulle kan trap.
16 Sy behandel haar kleintjies hard, asof hulle nie hare is nie[a]—
Tevergeefs is haar moeisame arbeid omdat sy geen angs ervaar nie.
17 Want God het haar die wysheid laat vergeet,
En hy het haar geen deel aan die verstand gegee nie.[b]
18 Wanneer sy haar vlerke in die hoogte klap,
Lag sy die perd en sy ruiter uit.
19 Kan jy aan die perd sterkte gee?[c]
Kan jy sy nek met ruisende maanhare beklee?
20 Kan jy hom soos ’n sprinkaan laat spring?
Die waardigheid van sy gesnuif is skrikwekkend.[d]
21 Hy kap met sy pote[e] in die laagvlakte en verheug hom in krag;
Hy trek uit, die wapentuig tegemoet.[f]
22 Hy lag oor angs en is nie verskrik nie;[g]
Ook draai hy nie terug weens ’n swaard nie.
23 Teen hom ratel ’n pylkoker,
Die lem van ’n spies en ’n werpspies.
24 Met gestamp en opwinding verslind hy die grond,
En hy glo nie dat dit die geluid van ’n horing is nie.
25 Sodra daar op die horing geblaas word, sê hy: Ha!
En van ver af ruik hy die geveg,
Die gebulder van hoofde en die oorlogskreet.[a]
26 Is dit aan jou verstand te danke dat die valk opwaarts sweef,
Dat hy sy vlerke na die suidewind uitsprei?
27 Of is dit op jou bevel dat ’n arend[b] hoog opvlieg
En dat hy sy nes hoog bou,[c]
28 Dat hy op ’n krans woon en oornag
Op die punt van ’n krans en ’n ontoeganklike plek?
29 Daarvandaan moet hy na voedsel soek;[d]
Sy oë bly in die verte kyk.
30 En sy kleintjies bly bloed opslurp;
En waar die gesneuweldes is, daar is hy.”[e]

40 En Jehovah het Job geantwoord en gesê:
2 “Moet ’n foutvinder enigsins met die Almagtige twis?[f]
Laat die teregwyser van God daarop antwoord.”[g]
3 En Job het Jehovah geantwoord en gesê:
4 “Kyk! Ek het onbeduidend geword.[h]
Wat sal ek u antwoord?
My hand het ek op my mond gelê.[i]
5 Een keer het ek gepraat, en ek sal nie antwoord nie;
En twee keer, en ek sal niks byvoeg nie.”
6 En Jehovah het Job uit die windstorm[j] geantwoord en gesê:
7 “Omgord asseblief jou lendene soos ’n man;[k]
Ek sal jou uitvra, en lig jy my in.[l]

HFST. 39
a Klg 4:3
b Job 35:11
c Ps 147:10; Jes 31:1
d Jer 8:16
e Rig 5:22; Ps 32:9; Jer 47:3; Hab 1:8
f Spr 21:31; Jer 46:9
g Jes 5:28; Jer 8:6

Tweede kol.
a Jer 46:4; Am 1:14
b Spr 23:5; Jes 40:31
c Jer 49:16; Ob 4
d Job 9:26; Jer 49:22
e Mt 24:28

HFST. 40
f Job 21:15; Job 33:13; Jes 45:9; Op 4:8
g Job 13:3; Job 23:4; Job 31:35; Ro 9:19
h Esr 9:6; Job 42:6; Ps 51:4
i Rig 18:19; Job 29:9; Ps 39:9; Spr 30:32
j Job 38:1
k Job 38:3
l Job 42:4

8 Sal jy werklik my geregtigheid kragteloos maak?
Sal jy my goddeloos verklaar sodat jy reg kan wees?[a]
9 Of het jy 'n arm soos dié van die ware God,[b]
En kan jy dit laat donder met 'n stem soos syne?[c]
10 Versier jou asseblief met verhewenheid[d] en hoogheid;[e]
En mag jy jou met waardigheid[f] en prag[g] beklee.
11 Laat die woedende uitbarstings van jou toorn vloei,[h]
En sien elke hoogmoedige en verlaag hom.
12 Sien elke hoogmoedige, verneder hom,[i]
En vertrap die goddeloses daar waar hulle is.
13 Begrawe hulle saam in die stof,[j]
Bind hulle gesigte in die verborge plek,
14 En ek, ja ek, sal jou prys,
Omdat jou regterhand jou kan red.
15 Kyk, daar is die Behemot wat ek gemaak het, net soos vir jou.
Groen gras eet hy[k] net soos 'n bul.
16 Kyk tog, sy krag is in sy heupe,
En sy dinamiese energie[l] in die senings van sy buik.
17 Hy buig sy stert soos 'n seder;
Die senings van sy dye is ineengevleg.
18 Sy gebeente is koperpype;
Sy sterk gebeente is soos smeeysterstawe.
19 Hy is die begin van die weë van God;
Sy Maker[a] kan sy swaard naby bring.
20 Want die berge lewer hulle opbrengs vir hom,[b]
En al die wilde diere van die veld speel daar.
21 Onder die doringrige lotusbome gaan hy lê,
In die skuilplekke van riete[c] en die moerasagtige plek.[d]
22 Die doringrige lotusbome hou hom afgeskut met hulle skaduwee;
Die populiere van die stroomvallei omring hom.
23 As die rivier geweldig te kere gaan, hardloop hy nie paniekbevange weg nie.
Hy is vol vertroue, al sou die Jordaan[e] ook teen sy mond losbreek.
24 Kan iemand hom voor sy oë vang?
Kan iemand sy neus met strikke deurboor?

41 "Kan jy die Levia'tan[f] met 'n vishoek uittrek,
Of kan jy sy tong met 'n tou afdruk?
2 Kan jy 'n biesie in sy neusgate sit,[g]
Of kan jy sy kakebene met 'n doring deurboor?
3 Sal hy talle dringende versoeke tot jou rig,
Of sal hy sagte woorde met jou spreek?
4 Sal hy 'n verbond met jou sluit,
Dat jy hom tot onbepaalde tyd as slaaf mag neem?
5 Sal jy met hom speel soos met 'n voël,
Of sal jy hom vasbind vir jou meisiekinders?

HFST. 40
a Ps 51:4; Ro 3:4
b Eks 15:6; Ps 89:13; 1Ko 10:22
c Job 37:4; Ps 29:3
d Jes 2:10; Jes 24:14
e Ps 83:18
f 1Kr 16:27; Ps 8:1
g Ps 104:1
h Ps 78:49; Ps 90:11; Jer 30:23
i 2Sa 22:28; Ps 18:27; Spr 15:25; Jes 2:11; Da 4:37
j Ps 49:14; Ps 55:15
k Ge 1:30; Ps 104:14
l Jes 40:26

Tweede kol.
a Ps 104:24
b Ps 104:14
c Ps 68:30; Jes 19:6
d Job 8:11
e Jos 3:15

HFST. 41
f Job 3:8; Ps 104:26
g Jes 37:29

6 Sal metgeselle handel dryf met hom?
Sal hulle hom onder handelaars verdeel?
7 Sal jy sy vel vol harpoene steek,[a]
Of sy kop met visspiese?
8 Sit jou hand op hom.
Onthou die geveg. Moet dit nie weer doen nie.
9 Kyk! 'n Mens se verwagting omtrent hom sal beslis teleurgestel word.
Ook sal 'n mens by die blote aanskouing van hom neergeslinger word.
10 Niemand is so vermetel dat hy hom sou terg nie.
En wie is daar wat voor my kan standhou?[b]
11 Wie het eerste aan my iets gegee, sodat ek hom behoort te beloon?[c]
Wat onder die ganse hemel is, is myne.[d]
12 Ek sal nie stilby oor sy dele
Of oor die aangeleentheid van sy sterkte en die sierlikheid van sy afmetings nie.
13 Wie het die oppervlak van sy kleding opgelig?
Wie sal sy dubbele kakebeen binnedring?
14 Wie het die deure van sy gesig geopen?
Sy tande rondom is skrikwekkend.
15 Groewe van skubbe is sy hoogmoed,
Gesluit soos met 'n vaste seël.
16 Hulle pas styf teen mekaar,
En selfs lug kan nie tussen hulle inkom nie.
17 Hulle kleef aan mekaar;
Hulle pas inmekaar en kan nie geskei word nie.
18 Sy genies straal lig uit,
En sy oë is soos die strale van die dagbreek.

HFST. 41
a Job 41:26
b 2Kr 20:6 Da 4:35 Han 11:17 Ro 9:19
c Ro 11:35
d Eks 19:5 De 10:14 Ps 24:1 Ps 50:12 1Ko 10:26

Tweede kol.
a Job 41:9
b Job 41:7
c Jos 17:16
d Rig 20:16 2Kr 26:14
e Spr 25:18 Ese 9:2
f Jes 41:15

19 Uit sy bek kom weerligstrale,
Ontsnap vuurvonke.
20 Uit sy neusgate kom rook,
Soos 'n smeltoond wat met biesies aan die brand gesteek is.
21 Sy siel laat kole vlam vat,
En selfs 'n vlam kom uit sy bek.
22 In sy nek woon sterkte,
En wanhoop spring voor hom uit.
23 Die plooie van sy vlees kleef aan mekaar;
Hulle is soos 'n gietsel op hom, onbeweeglik.
24 Sy hart is hard soos klip,
Ja, hard soos 'n onderste meulsteen.
25 As hy hom oplig, word die sterkes bang;[a]
Weens konsternasie raak hulle verbysterd.
26 As hy oorval word, hou die swaard nie stand nie,
Ook geen spies, werppyl of pylpunt nie.[b]
27 Hy beskou yster[c] as blote strooi,
Koper as net verrotte hout.
28 'n Pyl jaag hom nie weg nie;
Die slingerklippe[d] het vir hom in blote stoppels verander.
29 'n Knuppel het hy as blote stoppels geag,[e]
En hy lag oor die geratel van 'n werpspies.
30 Sy onderste dele is soos gepunte erdeskerwe;
Hy sprei 'n dorswerktuig[f] op die modder uit.
31 Hy laat die dieptes kook net soos 'n pot;
Hy maak die see soos 'n salfpot.
32 Agter hom laat hy 'n pad skitter;

'n Mens sou die waterdiepte vir grys hare aansien.
33 Sy gelyke is daar op die stof nie,
Die een wat gemaak is om sonder vrees te wees.
34 Alles wat hoog is, sien hy.
Hy is koning oor al die majestueuse wilde diere."

**42** En Job het Jehovah geantwoord en gesê:
2 "Ek het te wete gekom dat u alles kan doen,[a]
En daar is geen idee wat vir u onbereikbaar is nie.[b]
3 'Wie is dit wat raad verduister sonder kennis?'[c]
Daarom het ek gepraat, maar sonder om begrip te hê
Van dinge wat vir my te wonderbaar is, wat ek nie weet nie.[d]
4 'Hoor asseblief, en ek sal praat.
Ek sal jou uitvra, en lig jy my in.'[e]
5 Van hoorsê het ek van u gehoor,
Maar nou sien my eie oog u.
6 Daarom herroep ek my woorde,
En ek het berou[f] in stof en as."

7 En nadat Jehovah hierdie
woorde met Job gespreek het,
het Jehovah vir E'lifas, die Temaniet, gesê:
"My toorn het teen jou en
jou twee metgeselle[g] ontvlam,
want julle het nie die waarheid oor my gepraat[h] soos my
kneg Job nie. 8 En neem dan
nou vir julle sewe bulle en sewe
ramme[i] en gaan na my kneg
Job[j] toe, en julle moet vir julle
'n brandoffer bring; en my kneg
Job sal vir julle bid.[a] Net sý
aangesig sal ek aanneem, sodat
ek geen skandelike dwaasheid
met julle begaan nie, want julle
het nie die waarheid oor my gepraat soos my kneg Job nie."[b]

9 Toe het E'lifas, die Temaniet, en Bildad, die Suhiet, en
Sofar, die Naämatiet, gegaan
en gedoen net soos Jehovah vir
hulle gesê het, waarop Jehovah
Job se aangesig aangeneem het.

10 En Jehovah het 'n omkeer
in die gevange toestand van Job
gebring[c] toe hy vir sy metgeselle gebid het,[d] en Jehovah het
boonop alles wat Job voorheen
gehad het, in dubbele mate begin gee.[e]
11 En al sy broers
en al sy susters en almal wat
hom vroeër geken het,[f] het na
hom toe bly kom, en hulle het
saam met hom brood in sy huis
begin eet[g] en met hom gesimpatiseer en hom vertroos oor al
die rampspoed wat Jehovah oor
hom laat kom het; en hulle het
hom elkeen 'n geldstuk en elkeen 'n goue ring gegee.

12 Wat Jehovah betref, hy
het die einde van Job meer geseën[h] as sy begin,[i] sodat hy
veertienduisend skape en sesduisend kamele en duisend
spanne beeste en duisend eselinne gekry het.
13 Hy het
ook sewe seuns en drie dogters gekry.[j]
14 En hy het die
eerste Jemi'ma genoem en die
tweede Kesi'a en die derde Keren-Happug.
15 En in die
hele land is geen vroue so mooi
soos Job se dogters gevind nie,
en hulle vader het hulle 'n erfdeel onder hulle broers gegee.[k]

16 En Job het daarna nog
honderd-en-veertig jaar gelewe[l] en sy kinders en sy kleinkinders gesien[m]—vier geslagte.
17 En Job het uiteindelik gesterf, oud en versadig van dae.[n]

HFST. 42
a Ge 18:14, Jes 43:13, Jer 32:17, Mr 10:27, Lu 18:27
b Ps 135:6, Jes 55:11
c Job 38:2
d Ps 40:5, Ps 131:1, Ps 139:6
e Job 38:3, Job 40:7
f Esr 9:6, Job 40:4, Ps 51:17
g Job 2:11
h Job 11:6, Job 15:15, Job 22:2
i Nu 23:1
j Mt 5:24

Tweede kol.
a Ge 20:17, Jak 5:15
b Job 42:7, Spr 6:17
c Job 2:6, Jak 5:11
d Mt 6:14
e Ge 32:10, 1Sa 2:7, 2Kr 25:9, Spr 22:4, Jes 61:7
f Job 19:13
g Spr 24:29, Ro 12:15
h Spr 3:33, Spr 10:22, Heb 11:6, Jak 5:11
i Job 1:3, Pr 7:8
j Job 1:2
k Jos 15:19
l Spr 3:16
m Ps 128:6
n Ge 25:8

# PSALMS

EERSTE BOEK
(Psalm 1 – 41)

**1** Gelukkig[a] is die man wat nie in die raad van die goddeloses gewandel het[b]
En nie op die weg van sondaars gestaan het[c]
En nie op die sitplek van spotters gesit het nie.[d]
**2** Maar sy behae is in die wet van Jehovah,[e]
En in sy wet lees hy dag en nag op gedempte toon.[f]
**3** En hy sal beslis word soos 'n boom wat by waterstrome geplant is,[g]
Wat sy vrugte op sy tyd gee[h]
En waarvan die blare nie verwelk nie,[i]
En alles wat hy doen, sal suksesvol wees.[j]
**4** Die goddeloses is nie so nie,
Maar is soos die kaf wat deur die wind weggewaai word.[k]
**5** Daarom sal die goddeloses nie opstaan in die oordeel,[l]
Of sondaars in die vergadering van die regverdiges nie.[m]
**6** Want Jehovah neem kennis van die weg van die regverdiges,[n]
Maar die weg van die goddeloses sal vergaan.[o]

**2** Waarom was die nasies in beroering[p]
En het die volksgroepe iets leegs bly mompel?[q]
**2** Die konings van die aarde neem stelling in[r]
En die hoë amptenare het soos een man saamgespan[s]
Teen Jehovah[a] en teen sy gesalfde[b]
**3** En gesê: "Laat ons hulle bande stukkend skeur[c]
En hulle toue van ons afwerp!"[d]
**4** Hy wat in die hemel sit,[e] sal lag;
Jehovah sal hulle bespot.[f]
**5** In dié tyd sal hy hulle in sy toorn aanspreek,[g]
En in sy brandende misnoeë sal hy hulle ontstel[h]
**6** En sê: "Ek, ja ek, het my koning ingehuldig[i]
Op Sion,[j] my heilige berg."[k]
**7** Laat my na die verordening van Jehovah verwys;
Hy het vir my gesê: "Jy is my seun;[l]
Ék het vandag jou vader geword.[m]
**8** Vra my,[n] sodat ek nasies as jou erfdeel kan gee[o]
En die eindes van die aarde as jou besitting.[p]
**9** Jy sal hulle met 'n ystersepter breek,[q]
Asof hulle 'n pottebakkershouer is, sal jy hulle stukkend slaan."[r]
**10** En nou, o konings, tree met insig op;
Laat julle teregwys, o regters van die aarde.[s]
**11** Dien Jehovah met vrees[t]

**HFST. 1**

**a** Ps 112:1; Mt 5:3
**b** 2Kr 22:3; Job 21:16; Ps 64:2; Mt 26:4; Han 9:23
**c** Spr 4:14
**d** Ps 26:4; Ps 69:12; Spr 22:10; 2Pe 3:3
**e** Ps 19:7; Ps 40:8; Ro 7:22; Jak 1:25
**f** Jos 1:8; Ps 35:28; Ps 119:97; 1Ti 4:15
**g** Jes 44:4; Jes 61:3; Jer 17:8
**h** Mt 21:43; Flp 4:17; Op 22:2
**i** Jes 27:11
**j** Ge 39:3; 1Kr 22:13
**k** Job 21:18; Ps 35:5; Jes 17:13; Mt 3:12
**l** Ps 5:5; Jud 15
**m** Mal 3:18; Mt 13:49; Mt 25:41
**n** Job 23:10; Ps 37:18; Jer 12:3; 2Ti 2:19; 1Pe 3:12
**o** Spr 14:12

**HFST. 2**

**p** Ps 46:6; Mt 24:7; Han 4:25
**q** Ps 33:10; Jes 40:15; Jes 60:2
**r** Ps 48:4; Lu 13:31; Lu 23:11; Op 19:19
**s** Mt 27:1; Mr 3:6

**Tweede kol.**

**a** Ps 83:5; Joh 5:23; Joh 15:24
**b** Ps 45:7; Ps 89:20; Jes 61:1; Han 4:27
**c** Lu 19:14
**d** Jer 5:5
**e** Ps 11:4; Ps 68:33

**f** Ps 37:13; Ps 59:8; **g** Ps 90:11; Jer 25:31; Na 1:6; **h** Heb 3:16; **i** Ps 45:6; Ese 17:22; Ese 21:27; Da 7:14; Joh 1:49; Op 19:16; **j** 2Sa 5:7; Heb 12:22; Op 14:1; **k** Jes 27:13; **l** 2Sa 7:14; Mt 3:17; Ro 1:4; Heb 1:5; Heb 5:5; **m** Ps 89:27; Mr 1:11; Joh 1:14; Han 13:33; **n** Mt 28:18; **o** Ps 22:27; Ps 110:2; Mt 25:32; **p** Ps 72:8; Heb 1:2; Op 11:15; **q** Op 2:27; Op 12:5; Op 19:15; **r** Da 2:44; **s** Ps 72:1; Ps 82:2; **t** Ps 19:9; Spr 28:14; Flp 2:12; Heb 12:28.

En wees bly met bewing.[a]
12 Kus die seun,[b] sodat Hy nie vertoornd word
En julle van die weg vergaan nie,[c]
Want sy toorn vlam maklik op.[d]
Gelukkig is almal wat hulle toevlug tot hom neem.[e]

'n Melodie van Dawid toe hy vir sy seun Absalom gevlug het.[f]

3 O Jehovah, waarom het my teenstanders baie geword?[g]
Waarom staan baie teen my op?[h]
2 Baie sê van my siel:
"Daar is vir hom geen redding by God nie."[i] *Sela.*
3 En tog is u, o Jehovah, 'n skild rondom my,[j]
My heerlikheid[k] en die Een wat my hoof ophef.[l]
4 Met my stem sal ek Jehovah aanroep,
En hy sal my antwoord van sy heilige berg af.[m] *Sela.*
5 Ek sal gaan lê sodat ek kan slaap;
Ek sal beslis wakker word, want Jehovah ondersteun my deurentyd.[n]
6 Ek sal nie bang wees vir tienduisende mense
Wat hulle rondom teen my opgestel het nie.[o]
7 Staan tog op,[p] o Jehovah! Red my,[q] o my God![r]
Want u sal al my vyande op die kakebeen moet slaan.[s]
Die tande van die goddeloses sal u moet breek.[t]
8 Redding behoort aan Jehovah.[u]
U seën rus op u volk.[v] *Sela.*

Vir die musiekleier,
op snaarinstrumente.[a]
'n Melodie van Dawid.

4 Antwoord my wanneer ek roep, o my regverdige God.[b]
In die benoudheid moet u vir my groot ruimte maak.
Betoon guns aan my[c] en verhoor my gebed.
2 O mensekinders, hoe lank moet my heerlikheid[d] 'n voorwerp van belediging wees,
Terwyl julle voortdurend leë dinge liefhet,
Terwyl julle voortdurend 'n leuen soek? *Sela.*
3 Weet dan dat Jehovah beslis die een wat teenoor hom lojaal is,[e] sal onderskei;
Jehovah sal hoor wanneer ek hom aanroep.[f]
4 WEES ontsteld, maar moenie sondig nie.[g]
Sê wat julle te sê het in julle hart, op julle bed,[h] en bly stil. *Sela.*
5 Offer die offerandes van regverdigheid,[i]
En vertrou op Jehovah.[j]
6 Daar is baie wat sê: "Wie sal ons die goeie laat sien?"
Verhef die lig van u aangesig oor ons,[k] o Jehovah.
7 U sal beslis blydskap in my hart gee,[l]
Groter as in die tyd toe hulle graan en hulle nuwe wyn oorvloedig was.[m]
8 In vrede sal ek gaan lê en ook slaap,[n]
Want u alleen, o Jehovah, laat my in veiligheid woon.[o]

HFST. 2
a Ps 95:1; Ps 99:1; Ps 119:120
b Ge 49:10; Lu 7:45; Flp 2:10
c Ps 1:6; Joh 3:36; Joh 14:6
d 2Te 1:9; Op 6:16
e Jes 11:10; Jes 32:2; Ro 9:33

HFST. 3
f 2Sa 15:14
g 2Sa 15:12; 2Sa 16:15
h 2Sa 12:11
i 2Sa 16:8; Ps 22:7; Mt 27:43
j Ge 15:1; De 33:29
k Jes 45:25; Joh 1:14
2 O my God, in u het ek my vertroue gestel;[h]
Laat my tog nie beskaamd staan nie.
Laat my vyande hulle nie oor my verheug nie.[i]

ג [*Gi′mel*]

3 Ook sal niemand wat op u hoop, beskaamd staan nie.[j]
Hulle sal beskaamd staan wat verraderlik handel sonder welslae.[k]

ד [*Da′let*]

4 Maak u weë aan my bekend, o Jehovah;[l]
Leer my u paaie.[m]

ה [*He’*]

5 Laat my in u waarheid wandel en leer my,[n]
Want u is my God van redding.[o]

ו [*Wau*]

Op u het ek die hele dag gehoop.[p]

ז [*Sa′jin*]

6 Dink aan u barmhartighede,[a] o Jehovah, en aan u liefderyke goedhartighede,[b]
Want dit is van onbepaalde tyd af.[c]

ח [*Get*]

7 Dink tog nie aan die sondes van my jeug en my opstandige dade nie.[d]
Dink aan my ooreenkomstig u liefderyke goedhartigheid,[e]
Ter wille van u goedheid, o Jehovah.[f]

ט [*Tet*]

8 Goed en reg is Jehovah.[g]
Daarom onderrig hy sondaars in die weg.[h]

י [*Jod*]

9 Hy sal die sagmoediges in sy regterlike beslissing laat wandel,[i]
En hy sal die sagmoediges sy weg leer.[j]

כ [*Kaf*]

10 Al die paaie van Jehovah is liefderyke goedhartigheid en waaragtigheid
Vir dié wat sy verbond[k] en sy herinneringe[l] onderhou.

ל [*La′med*]

11 Ter wille van u naam, o Jehovah,[m]
Moet u selfs my oortreding vergewe, want dit is groot.[n]

מ [*Mem*]

12 Wie is dan nou die man wat Jehovah vrees?[o]
Hy sal hom onderrig in die weg wat hy moet kies.[p]

נ [*Noen*]

13 Sy siel sal in goedheid vertoef,[q]

**HFST. 24**
a Ps 99:1
b Ps 93:1; Jes 42:13; 1Ti 1:17
c Eks 15:3; 1Sa 17:47; 2Kr 20:15; Jes 59:17
d Ps 118:19; Ps 122:2
e Ps 68:16
f 1Kr 29:11; Ps 145:1; Jes 6:5; Op 1:8

**HFST. 25**
g Ps 86:4; Ps 143:8
h Jes 26:3; Ro 10:11
i Ps 13:4; Ps 35:19; Ps 41:11
j Ps 69:6
k Ps 31:17; Ps 71:13
l Eks 33:13; Ps 5:8; Ps 86:11; Ps 143:8
m Ps 27:11
n Ps 43:3
o Ps 24:5; Ps 88:1
p Ps 22:2

**Tweede kol.**
a 2Kr 6:42; Ps 98:3; Ps 103:17; Jes 63:15
b Eks 34:6; Ps 69:16; Jes 55:3; Jer 33:11
c Ps 136:1; Lu 1:50
d Job 13:26; Jer 3:25
e Ps 6:4; Ps 51:1
f Eks 33:19; Ps 27:13
g Ps 92:15; Ps 119:68; Ps 145:9; Na 1:7; Sag 9:17; Han 14:17
h Ps 119:33; Jes 30:20; Mi 4:2
i Sef 2:3
j Ps 32:8
k De 29:1
l Ps 19:7
m Ps 31:3; Ps 79:9; Ps 109:21; Ps 143:11; Ese 36:22; Da 9:19; Mt 6:9
n Ps 103:3
o Ps 111:10; Han 10:2
p Ps 37:23
q Ps 31:19; Sag 9:17

En sy nageslag sal die aarde in besit neem.[a]

ס [*Sa′mek*]

14 Intimiteit met Jehovah behoort aan dié wat hom vrees,[b]
Ook sy verbond, om dit aan hulle bekend te maak.[c]

ע [*ʽA′jin*]

15 My oë is voortdurend op Jehovah,[d]
Want hý haal my voete uit die net.[e]

פ [*Pe′*]

16 Keer u aangesig na my en betoon guns aan my;[f]
Want ek is eensaam en geteisterd.[g]

צ [*Sade′*]

17 Die benoudhede van my hart het vermeerder;[h]
Lei my tog uit my angste.[i]

ר [*Resj*]

18 Aanskou my ellende en my moeite,[j]
En vergewe al my sondes.[k]
19 Kyk hoe talryk het my vyande geword,[l]
En met ’n gewelddadige haat het hulle my gehaat.[m]

ש [*Sjin*]

20 Bewaar tog my siel en verlos my.[n]
Laat my nie beskaamd staan nie, want tot u het ek my toevlug geneem.[o]

ת [*Tau*]

21 Laat onkreukbaarheid en regskapenheid my bewaar,[p]
Want op u het ek gehoop.[q]
22 O God, verlos Israel uit al sy benoudhede.[r]

Van Dawid.

**26** Oordeel my,[a] o Jehovah, want ek het in my onkreukbaarheid gewandel,[b]
En op Jehovah het ek vertrou, sodat ek nie wankel nie.[c]
2 Ondersoek my, o Jehovah, en stel my op die proef;[d]
Louter my niere en my hart.[e]
3 Want u liefderyke goedhartigheid is voor my oë,
En ek het in u waarheid gewandel.[f]
4 Ek het nie by mense van onwaarheid gesit nie;[g]
En by dié wat verberg wat hulle is, gaan ek nie in nie.[h]
5 Ek het die gemeente van kwaaddoeners gehaat,[i]
En by die goddeloses sit ek nie.[j]
6 Ek sal my hande in onskuld was,[k]
En ek sal rondom u altaar gaan, o Jehovah,[l]
7 Om danksegging luid te laat hoor,[m]
En om al u wonderlike werke bekend te maak.[n]
8 Jehovah, ek het die woning van u huis liefgehad[o]
En die woonplek van u heerlikheid.[p]
9 Moenie my siel saam met sondaars wegneem nie,[q]
Ook nie my lewe saam met bloedskuldige mense nie,[r]
10 In wie se hande daar losbandige gedrag is,[s]
En wie se regterhand vol omkopery is.[t]

HFST. 25
a Ps 37:11
b Ge 18:17; Spr 3:32; Am 3:7; Joh 15:15
c Ge 22:17
d Ps 121:1; Ps 123:1; Ps 141:8
e Ps 31:4; Ps 91:3; Ps 124:7; 2Ti 2:26
f Ps 69:16; Ps 86:16
g Ps 143:4
h Ps 73:21
i Ps 107:28
j 2Sa 16:12; Ps 119:153
k Ps 32:5; Ps 51:9
l Ps 38:19
m Ps 37:12
n Ps 17:8; Ps 121:7
o Ps 71:1
p Ps 41:12
q Ps 37:34; Ro 15:13
r Ps 130:8

Tweede kol.

HFST. 26
a Ps 7:8
b 2Kn 20:3; Spr 20:7
c Ps 21:7; Ps 37:31; Spr 3:6; Spr 29:25
d Ge 22:1; Ps 7:9
e Ps 17:3; Ps 66:10; Sag 13:9
f 2Kn 20:3; Ps 43:3; Ps 86:11
g Spr 13:20; Jer 15:17
h Spr 12:11; 1Ko 15:33
i Ps 31:6; Ps 139:21
j Ps 1:1
k Ps 51:2; Ps 73:13; Jes 1:16; Mt 27:24
l Ps 43:4
m Ps 50:23; Ps 95:2
n Ps 107:22
o 1Sa 3:3; 1Kr 16:1; Ps 27:4; Ps 84:10
p 2Kr 5:14; Ps 63:2
q 1Sa 25:29
r Ps 51:14
s Ga 5:19; 2Pe 2:7

t De 16:19; 1Sa 8:3; Jes 1:23; Ese 22:12; Am 5:12.

11 Wat my betref, ek sal in my onkreukbaarheid wandel.[a]
Verlos my[b] tog en betoon guns aan my.[c]
12 My voet sal beslis op ’n gelykte staan;[d]
Onder die versamelde menigtes sal ek Jehovah loof.[e]

Van Dawid.

27 Jehovah is my lig[f] en my redding.[g]
Vir wie sou ek bang wees?[h]
Jehovah is die vesting van my lewe.[i]
Wie sou ek vrees?[j]
2 Toe die kwaaddoeners teen my nader gekom het om my vlees te verslind[k]—
Hulle wat persoonlik my teenstanders en my vyande was[l]—
Het hulle gestruikel en geval.[m]
3 Al sou ’n leërkamp teen my tent opslaan,[n]
Sal my hart nie vrees nie.[o]
Al sou oorlog teen my losbreek,[p]
Sal ek selfs dan vertrou.[q]
4 Een ding het ek van Jehovah gevra[r]—
Dit sal ek soek:[s]
Dat ek al die dae van my lewe in die huis van Jehovah mag woon,[t]
Om die lieflikheid van Jehovah te sien[u]
En sy tempel met waardering te aanskou.[v]
5 Want hy sal my in sy plek van beskutting wegsteek in die dag van rampspoed;[w]
Hy sal my verberg in die skuilplek van sy tent;[x]
Hoog op ’n rots sal hy my plaas.[a]
6 En nou sal my hoof hoog bo my vyande rondom my wees;[b]
En ek sal in sy tent offerandes van gejuig offer;[c]
Ek sal sing en melodieë speel tot Jehovah.[d]
7 Hoor, o Jehovah, wanneer ek met my stem roep,[e]
En betoon guns aan my en antwoord my.[f]
8 Van u het my hart gesê: “SOEK my aangesig.”[g]
U aangesig, o Jehovah, sal ek soek.[h]
9 Moet u aangesig nie vir my verberg nie.[i]
Moet u kneg nie in toorn wegwys nie.[j]
U moet my hulp word.[k]
Moet my nie verstoot nie en moet my nie verlaat nie, o my God van redding.[l]
10 As my eie vader en my eie moeder my sou verlaat,[m]
Sal Jehovah my opneem.[n]
11 Onderrig my, o Jehovah, in u weg,[o]
En lei my op die pad van regskapenheid weens my vyande.
12 Moet my nie oorgee aan die siel van my teenstanders nie;[p]
Want valse getuies het teen my opgestaan,[q]
En hy wat aan geweld uiting gee.[r]
13 As ek nie geloof gehad het dat ek die goedheid van Jehovah sal sien in die land van die lewendes nie[s]—!

HFST. 26
a Lu 1:6
b Ps 69:18
c Ne 13:14, Ps 40:2
d 1Sa 2:9, Spr 10:9
e Ps 68:26, Ps 107:32, Ps 111:1

HFST. 27
f Job 29:3, Ps 36:9, Ps 43:3, Ps 119:105
g Eks 15:2, Ps 68:19
h Ps 23:4
i Ps 62:6, Jes 12:2, Flp 4:13
j Ps 36:1, Ro 8:31, Heb 13:6
k Ps 14:4, Ps 22:16
l Ps 18:40
m Ps 18:38
n Ps 3:6
o 2Kr 20:15
p 2Kr 32:7
q Ps 84:12
r Lu 10:42
s Jer 29:13, Da 9:3, Mt 7:7
t Ps 15:1, Ps 23:6, Ps 65:4, Lu 2:37
u Ps 16:11, Ps 50:2, Ps 63:2, Ps 90:17
v 1Sa 3:3, 1Kr 16:1, Ps 26:8, Heb 12:16
w Ps 31:20, Ps 32:7, Ps 57:1, Sef 2:3
x Ps 61:4, Ps 119:114

Tweede kol.
a Ps 40:2
b 2Sa 7:9, Ps 3:3
c Ps 107:22, Heb 13:15
d Ef 5:19
e Ps 4:1, Ps 130:2
f Ps 5:2, Ps 119:58
g Ps 24:6, Ps 105:4, Sef 2:3
h Ps 63:1
i Ps 69:17, Ps 143:7, Jes 59:2
j Jes 50:1
k 1Sa 7:12, Ps 46:1
l Ps 38:21, Ps 88:1
m Ps 69:8, Mt 10:21
n Jes 40:11; Jes 49:15; o 1Kn 8:36; Ps 25:4; Ps 86:11; Jes 30:20; Jes 54:13; p Ps 31:8; Ps 35:25; Ps 41:2; Ps 41:11; q Ps 35:11; Mt 26:59; Han 6:11; r Han 9:1; s Job 33:30; Jer 11:19; Ese 26:20.

14 Hoop op Jehovah;[a] wees moedig en laat jou hart sterk wees.[b]
Ja, hoop op Jehovah.[c]

Van Dawid.

28 Ek bly u aanroep, o Jehovah.[d]
O my Rots, moenie doof wees vir my nie,[e]
Sodat u nie teenoor my stilbly nie[f]
En ek nie hoef te word soos dié wat in die kuil afdaal nie.[g]
2 Hoor die stem van my dringende versoeke wanneer ek tot u om hulp roep,
Wanneer ek my hande ophef[h] na die binneste vertrek van u heiligdom.[i]
3 Moet my nie wegsleep saam met die goddeloses en saam met dié wat skadelike dinge beoefen nie,[j]
Dié wat woorde van vrede met hulle metgeselle spreek,[k] terwyl daar kwaad in hulle hart is.[l]
4 Gee aan hulle volgens hulle optrede[m]
En volgens die slegtheid van hulle handelinge.[n]
Ja, gee aan hulle volgens die werk van hulle hande.[o]
Vergeld hulle volgens hulle dade.[p]
5 Want hulle slaan geen ag op die bedrywighede van Jehovah nie,[q]
Ook nie op die werk van sy hande nie.[r]
Hy sal hulle afbreek en hulle nie opbou nie.
6 Mag Jehovah geloof word, want hy het die stem van my dringende versoeke gehoor.[s]
7 Jehovah is my sterkte[a] en my skild.[b]
Op hom het my hart vertrou,[c]
En ek is gehelp, sodat my hart jubel,[d]
En met my lied sal ek hom prys.[e]
8 Jehovah is ’n sterkte vir sy volk,[f]
En hy is ’n vesting van die grootse redding van sy gesalfde.[g]
9 Red tog u volk, en seën u erfdeel;[h]
En lei hulle as herder en dra hulle tot onbepaalde tyd.[i]

’n Melodie van Dawid.

29 Skryf aan Jehovah toe, o seuns van die sterkes,
Skryf aan Jehovah heerlikheid en sterkte toe.[j]
2 Skryf aan Jehovah die heerlikheid van sy naam toe.[k]
Buig julle voor Jehovah neer in heilige feesgewaad.[l]
3 Die stem van Jehovah is oor die waters;[m]
Die glorieryke God[n] het gedonder.[o]
Jehovah is oor baie waters.[p]
4 Die stem van Jehovah is kragtig;[q]
Die stem van Jehovah is luisterryk.[r]
5 Die stem van Jehovah breek die seders;
Ja, Jehovah breek die seders van die Li′banon in stukke,[s]
6 En hy laat hulle rondhuppel soos ’n kalf,[t]

HFST. 27
a Ps 25:3
b Ps 31:24; Jes 40:31
c Ps 62:5; Ps 130:5; Ro 15:13

HFST. 28
d Ps 18:3
e De 32:4; Ps 42:9; Jes 26:4
f Ps 35:22; Ps 83:1
g Job 33:28; Ps 30:9; Ps 69:15; Jes 38:18
h 2Kr 6:13
i Ps 5:7
j Nu 16:26; Ps 26:9
k Ps 62:4; Jer 9:8
l Ps 7:14; Ps 36:4; Spr 26:25
m Ps 59:12; Jer 18:22; 2Ti 4:14
n Ps 21:10
o Ps 62:12; Mt 25:45; Op 22:12
p 2Te 1:6
q Job 34:27; Jes 5:12
r Ps 8:3; Ps 19:1; Jes 40:26
s Ps 66:20

Tweede kol.
a Jes 12:2; Ef 6:10
b Ge 15:1; 2Sa 22:3; Ps 3:3; Ps 84:11
c Ps 13:5; Ps 56:4
d Jes 61:10
e Eks 15:1
f 1Sa 16:13; 2Sa 22:3
g Ps 20:6; Heb 5:7
h Nu 23:20; De 9:29
i De 32:11; Ps 78:71; Jes 40:11

HFST. 29
j 1Kr 16:28; Ps 96:7; Hab 3:3
k Ps 96:8
l 2Kr 20:21
m Ps 18:13
n Han 7:2
o 1Sa 7:10; Job 37:5
p Ps 93:4; Ps 104:3
q Job 26:11; Ese 10:5

r Job 40:9; s Jes 2:13; t Ps 114:4; Jer 4:24.

Die Li′banon en Sirjon[a]
soos die seuns van wilde bulle.
7 Die stem van Jehovah kerf
met vuurvlamme uit;[b]
8 Die stem van Jehovah laat
die wildernis ineenkrimp,[c]
Jehovah laat die wildernis van Kades[d] ineenkrimp.
9 Die stem van Jehovah laat
die takbokooie ineenkrimp van geboortepyne[e]
En stroop die woude kaal.[f]
En in sy tempel sê elkeen:
"Heerlikheid!"[g]
10 Op die watervloed het Jehovah gaan sit;[h]
En Jehovah sit as koning
tot onbepaalde tyd.[i]
11 Jehovah sal inderdaad sterkte aan sy volk gee.[j]
Jehovah sal sy volk seën
met vrede.[k]

'n Melodie. 'n Lied vir die inwyding van die huis.[l] Van Dawid.

30 Ek sal u verhef, o Jehovah, want u het my opgetrek[m]
En u het my vyande nie
toegelaat om oor my
bly te wees nie.[n]
2 O Jehovah, my God, ek het
tot u om hulp geroep,
en u het my gesond gemaak.[o]
3 O Jehovah, u het my siel uit
Sjeool laat opkom;[p]
U het my aan die lewe gehou, sodat ek nie in die
kuil sou afdaal nie.[q]
4 Besing Jehovah met melodieë, o sy lojales,[r]
Bring dank aan sy heilige
gedagtenis;[s]
5 Want om onder sy toorn te
wees, is vir 'n oomblik,[t]
Om onder sy welwillendheid te wees, is lewenslank.[a]
In die aand kan gehuil
sy intrek neem,[b] maar
in die oggend is daar
vreugdegeroep.[c]
6 Wat my betref, ek het in my
gerustheid gesê:[d]
"Ek sal nooit wankel nie."[e]
7 O Jehovah, in u welwillendheid het u my berg in
sterkte laat staan.[f]
U het u aangesig verberg;
ek het ontsteld geraak.[g]
8 Ek het u bly aanroep, o Jehovah;[h]
En Jehovah het ek om
guns bly smeek.[i]
9 Watter voordeel is daar in
my bloed wanneer ek in
die kuil afdaal?[j]
Sal die stof u prys?[k] Sal
dit u waaragtigheid verkondig?[l]
10 Hoor, o Jehovah, en betoon
guns aan my.[m]
O Jehovah, wees my helper.[n]
11 U het my getreur vir my in
gedans verander;[o]
U het my saklinne losgemaak, en u hou my met
blydskap omgord,[p]
12 Sodat my heerlikheid u met
melodieë kan besing en
nie stilbly nie.[q]
O Jehovah, my God, tot
onbepaalde tyd sal ek u
prys.[r]

Vir die musiekleier.
'n Melodie van Dawid.

31 Tot u, o Jehovah, het ek
my toevlug geneem.[s]
Laat my tog nooit beskaamd staan nie.[t]
Verskaf aan my ontkoming in u regverdigheid.[u]

**HFST. 29**
a De 3:9
b Eks 19:18; Ps 77:18; Ps 144:5; Heb 12:18
c Jes 13:13; Heb 12:26
d Nu 13:26
e Job 39:1
f Jes 10:18; Ese 20:47
g Ps 48:9; Ps 63:2; Ps 134:1; Ps 135:2
h Ge 6:17; Job 38:25
i Ps 10:16; 1Ti 1:17
j Ps 28:9; Jes 40:29
k Nu 6:26; Ps 72:7; Ps 147:14; Ro 15:33; 1Ko 1:3

**HFST. 30**
l 2Sa 5:11
m Ps 28:9
n Ps 25:2; Ps 41:11
o Ge 20:17; Eks 15:26; 2Kn 20:5; Ps 6:2; Ps 103:3
p Ps 16:10; Ps 86:13; Han 2:31
q Ps 28:1; Jes 38:17; Jon 2:6
r 1Kr 16:4; Ps 32:11; Ps 145:10
s Eks 3:15; Ps 97:12
t Jes 12:1; Jes 54:8; 2Ko 4:17

**Tweede kol.**
a Ps 63:3
b Ps 6:6
c Ps 126:5
d Job 29:18
e Ps 15:5; Ps 16:8
f 2Sa 5:12; Ps 89:17
g Job 34:29; Ps 10:1; Ps 143:7
h Ps 34:6; Ps 77:1
i Flp 4:6
j Ps 28:1
k Ps 6:5; Ps 88:11; Ps 115:17; Pr 9:10
l Jes 38:18
m Ps 143:1
n Ps 28:7; Ps 54:4
o 2Sa 6:14; Pr 3:4; Jer 31:4
p Jes 61:3
q Ps 16:9; Ps 57:8; r Ps 9:1;

**HFST. 31** s Ps 18:2; t Ps 22:5; Jes 49:23; Ro 5:5; Ro 10:11; u Ps 143:1.

2 Neig u oor tot my.[a]
Verlos my gou.[b]
Word vir my 'n rotsagtige vesting,[c]
'n Huis van vestings om my te red.[d]
3 Want u is my groot rots en my vesting;[e]
En ter wille van u naam[f] sal u my lei en my voorgaan.[g]
4 U sal my uit die net haal wat hulle vir my verberg het,[h]
Want u is my vesting.[i]
5 In u hand vertrou ek my gees toe.[j]
U het my verlos,[k] o Jehovah, die God van waarheid.[l]
6 Ek haat dié wat waardelose, nietige afgode vereer;[m]
Maar wat my betref, ek vertrou op Jehovah.[n]
7 Ek sal bly wees en my in u liefderyke goedhartigheid verbly,[o]
Omdat u my ellende gesien het;[p]
U het geweet van die benoudhede van my siel,[q]
8 En u het my nie in die hand van die vyand oorgelewer nie.[r]
U het my voete op 'n ruim plek laat staan.[s]
9 Betoon guns aan my, o Jehovah, want ek verkeer in groot nood.[t]
Van kwelling het my oog swak geword,[u] my siel en my buik.[v]
10 Want met droefheid het my lewe tot 'n einde gekom,[w]
En my jare in gesug.[x]
Weens my oortreding het my krag gestruikel,[y]
En selfs my gebeente het swak geword.[z]
11 Vanuit die standpunt van almal wat my vyandiggesind is,[a] het ek 'n voorwerp van smaad geword,[b]
En vir my bure in groot mate,[c]
En 'n skrik vir my kennisse.[d]
Wanneer hulle my buite gesien het, het hulle van my af weggevlug.[e]
12 Soos iemand wat dood en nie in die hart is nie, is ek vergeet;[f]
Ek het soos 'n beskadigde houer geword;[g]
13 Want ek het die slegte berig deur baie gehoor,[h]
Skrik aan alle kante.[i]
Wanneer hulle soos een man teen my saamspan,[j]
Beraam hulle planne om my siel weg te neem.[k]
14 Maar ek—in u het ek my vertroue gestel, o Jehovah.[l]
Ek het gesê: "U is my God."[m]
15 My tye is in u hand.[n]
Verlos my uit die hand van my vyande en van dié wat my agtervolg.[o]
16 Laat tog u aangesig oor u kneg skyn.[p]
Red my in u liefderyke goedhartigheid.[q]
17 O Jehovah, laat my nie beskaamd staan nie, want ek het u aangeroep.[r]
Laat die goddeloses beskaamd staan;[s]
Laat hulle stilbly in Sjeool.[t]
18 Laat valse lippe stom word,[u]
Wat onbeteueld in hoogmoed en veragting[v] teen die regverdige praat.[w]

HFST. 31
a Ps 71:2; Ps 130:2
b Ps 40:17; Ps 70:1; Lu 18:8
c 2Sa 22:3; Ps 18:2; Ps 94:22
d Ps 71:3
e 2Sa 22:2
f Ps 25:11; Jer 14:7
g Ps 23:3
h Ps 25:15; Ps 91:3; Mt 6:13
i Spr 18:10
j Lu 23:46; Han 7:59
k Ps 71:23
l De 32:4; Heb 6:18
m Jer 10:8; Jon 2:8; 1Ko 8:4
n Ps 25:2
o Ps 13:5
p Ps 9:13
q Ps 142:3; 1Ko 8:3; Ga 4:9
r De 32:30; 1Sa 17:46
s Ps 4:1; Ps 18:19
t Spr 14:10
u Job 17:7; Ps 6:7; Ps 88:9
v Ps 6:2; Ps 22:14
w Ps 88:15; Spr 15:13
x Ps 71:9
y Ps 106:43
z Ps 32:3; Ps 102:3

Tweede kol.
a Ps 6:7; Mt 10:22; Mt 24:9; Lu 21:17
b Ps 22:6; Ps 42:10; Ps 102:8; Jes 53:4; Ro 15:3; 1Pe 4:14
c Job 19:13; Ps 38:11
d Ps 88:8
e Mt 26:56; 2Ti 4:16
f Ps 88:5
g Ro 9:22
h Jer 20:10; Lu 23:2
i Ps 57:4; Jer 6:25
j Lu 22:2; Lu 23:1
k Mt 27:1
l Ps 56:4
m Ps 16:2; Ps 43:5; Joh 20:17
n 2Sa 7:12
o Ps 142:6

p Nu 6:25; Ps 67:1; Ps 80:3; Ro 9:15; q Ps 6:4; r Ps 25:2; Ps 69:6; Jes 50:7; Mt 27:46; s Ne 4:4; Ne 6:16; Ps 6:10; Jes 41:11; Jer 20:11; t 1Sa 2:9; Ps 115:17; Pr 9:5; u Ps 12:3; Ps 63:11; v Ps 94:4; w 2Kr 32:16; Mt 10:25; Han 25:7.

19 Hoe oorvloedig is u goedheid tog,[a] wat u as ’n skat bewaar het vir dié wat u vrees![b]
Wat u bewys het aan dié wat hulle toevlug tot u neem,
Voor die oë van die mensekinders.[c]
20 U sal hulle in die skuilplek van u aangesig verberg[d]
Vir die samespanning van manne.[e]
U sal hulle in u hut wegsteek vir die twis van tonge.[f]
21 Mag Jehovah geloof word,[g]
Want hy het wonderbare liefderyke goedhartigheid aan my bewys[h] in ’n stad wat in benoudheid verkeer het.[i]
22 Wat my betref, toe ek paniekerig geraak het,[j] het ek gesê:
“Ek sal beslis uitgeroei word, weg van u oë af.”[k]
Waarlik, u het die stem van my dringende versoeke gehoor toe ek tot u om hulp geroep het.[l]
23 Julle moet Jehovah liefhê, al sy lojales.[m]
Jehovah bewaar die getroues,[n]
Maar enigeen wat hoogmoed openbaar, vergeld hy oorvloedig.[o]
24 Wees moedig, en laat julle hart sterk wees,[p]
Almal wat op Jehovah wag.[q]

Van Dawid. Maskil.

32 Gelukkig is hy wie se opstandigheid vergewe word, wie se sonde bedek word.[r]
2 Gelukkig is die mens aan wie Jehovah die oortreding nie toereken nie,[s]
En in wie se gees daar geen bedrog is nie.[a]
3 Toe ek stilgebly het, het my gebeente weggeteer deur my gekreun die hele dag.[b]
4 Want u hand was dag en nag swaar op my.[c]
My lewensap is verander soos in die droë somerhitte.[d] *Sela.*
5 My sonde het ek uiteindelik aan u bely, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie.[e]
Ek het gesê: “Ek sal aan Jehovah belydenis doen van my oortredings.”[f]
En u het die ongeregtigheid van my sondes vergewe.[g] *Sela.*
6 Daarom sal elke lojale tot u bid[h]
Net op ’n tyd dat u te vinde is.[i]
Wat die vloed van baie waters betref, dit sal nie aan hom raak nie.[j]
7 U is ’n skuilplek vir my; u sal my bewaar van benoudheid.[k]
Met vreugdevolle uitroepe omdat ontkoming verskaf is, sal u my omring.[l] *Sela.*
8 “Ek sal jou insig gee en jou onderrig in die weg wat jy moet gaan.[m]
Ek sal raad gee met my oog op jou.[n]
9 Julle moenie soos ’n perd of ’n muil sonder verstand word nie,[o]
Wie se vurigheid selfs met ’n toom of ’n halter bedwing moet word[p]
Voordat hulle naby jou sal kom.”[q]

**HFST. 31**
a Ps 73:1; Jes 63:7
b Jes 64:4; 1Ko 2:9
c Ps 126:2; Jes 26:12
d Ps 27:5; Ps 32:7; Han 3:19
e Ps 86:14
f Ps 64:3
g Rut 4:14; 1Sa 25:39; Ps 68:19; Lu 1:68
h Ps 17:7
i 1Sa 23:7
j 1Sa 23:26
k Ps 88:16; Klg 3:54; Jon 2:4
l 2Kr 33:13; Ps 6:9; Spr 15:29; Heb 5:7
m De 10:12; De 30:20; Ps 34:9
n 1Sa 2:9; Ps 145:20
o 2Sa 22:28; Job 40:11; Ps 94:2; Jes 2:11; Jak 4:6; 1Pe 5:5
p Ps 27:14; Jes 35:4
q Ge 49:18; Ps 62:1; Ps 71:14; Klg 3:21; Mi 7:7; Tit 2:13

**HFST. 32**
r Ps 85:2; Jes 1:18; Han 3:19; Ro 4:7
s Le 17:4; Ro 5:13; 2Ko 5:19

**Tweede kol.**
a Joh 1:47
b Spr 28:13
c Ps 38:2
d Job 30:30; Ps 63:1; Ps 102:3
e Ps 38:18; Ps 51:4; 1Jo 1:9
f Le 5:5; 2Sa 12:13; 2Kr 30:22; Ps 38:18; Ps 41:4; Mt 3:6
g Ps 86:5; Ps 103:3; Jes 44:22; Ho 14:2; Lu 7:47
h Ps 65:2; 2Ko 1:3
i Ps 69:13; Jes 55:6
j Ps 124:4; Op 12:16
k Ps 9:9; Ps 27:5; Ps 119:114; l Eks 15:1; Rig 5:1; 2Sa 22:1; m Ps 27:11; Ps 86:11; Jer 7:23; n Spr 3:6; o Job 35:11; Spr 26:3; Jer 8:6; p Jer 31:18; Jak 3:3; q Job 35:11.

10 Die goddelose het baie pyne;[a]
Maar wat die een betref wat op Jehovah vertrou, liefderyke goedhartigheid omring hom.[b]
11 Verbly julle in Jehovah en wees bly, o regverdiges;[c]
En roep met vreugde uit, almal wat opreg van hart is.[d]

**33** Roep met vreugde uit, o regverdiges, weens Jehovah.[e]
Lof is gepas van die kant van die regskapenes.[f]
2 Betuig dank aan Jehovah op die harp;[g]
Speel melodieë vir hom op ’n tiensnarige instrument.[h]
3 Sing ’n nuwe lied tot hom;[i]
Speel so goed as julle kan op die snaarinstrumente tesame met gejuig.[j]
4 Want die woord van Jehovah is reg,[k]
En al sy werk geskied in getrouheid.[l]
5 Hy het regverdigheid en geregtigheid lief.[m]
Die aarde is vol van die liefderyke goedhartigheid van Jehovah.[n]
6 Deur die woord van Jehovah is die hemele gemaak,[o]
En deur die gees van sy mond hulle hele leër.[p]
7 Hy versamel die waters van die see soos deur ’n dam[q]
En plaas die bruisende waters in skatkamers.
8 Laat almal op die aarde Jehovah vrees.[r]
Laat al die bewoners van die vrugbare land vir hom bang wees.[s]
9 Want hy het gespreek, en dit was so;[a]
Hy het bevel gegee, en dit het so gestaan.[b]
10 Jehovah het die raad van die nasies verbreek;[c]
Hy het die gedagtes van die volke verydel.[d]
11 Die raad van Jehovah sal tot onbepaalde tyd standhou;[e]
Die gedagtes van sy hart is van geslag tot geslag.[f]
12 Gelukkig is die nasie wie se God Jehovah is,[g]
Die volk wat hy as sy erfdeel uitgekies het.[h]
13 Vanuit die hemel het Jehovah gekyk,[i]
Hy het al die mensekinders gesien.[j]
14 Vanuit die vaste plek waar hy woon,[k]
Het hy sy blik gerig op almal wat op die aarde woon.
15 Hy vorm die hart van hulle almal;[l]
Hy let op al hulle werke.[m]
16 Geen koning word deur die oorvloed van krygsmagte gered nie;[n]
’n Sterk man word nie deur die oorvloed van krag verlos nie.[o]
17 Vir redding is die perd net bedrog,[p]
En deur die oorvloed van sy lewenskragtigheid verskaf hy geen ontkoming nie.[q]
18 Kyk! Die oog van Jehovah is op dié wat hom vrees,[r]
Op dié wat op sy liefderyke goedhartigheid wag,[s]

**HFST. 32**
a Spr 13:21; Ro 2:9
b Ps 34:8; Spr 16:20; Jer 17:7
c Ps 68:3; Flp 4:4
d Ps 64:10

**HFST. 33**
e Ps 32:11; Ps 97:12; Flp 4:4
f Ps 147:1
g Ps 81:2
h Ps 92:3; Ps 144:9
i Ps 40:3; Ps 98:1; Ps 149:1; Jes 42:10; Op 5:9
j 1Kr 13:8; Ef 5:19
k Ps 12:6; Spr 30:5
l Ps 111:7
m Job 37:23; Ps 11:7; Ps 45:7
n Ps 145:16; Han 14:17
o Heb 11:3; 2Pe 3:5
p Ge 2:1; Ps 104:30
q Ge 1:9; Job 26:10; Job 38:8; Spr 8:29; Jer 5:22
r Op 14:7
s Ps 76:7

**Tweede kol.**
a Ge 1:3; Ps 148:5
b Ps 119:90
c Jes 8:10; Jes 19:3
d Ps 21:11; Ps 140:8
e Job 23:13; Spr 19:21; Jes 46:10
f Ps 92:5; Jes 55:8; Jer 29:11
g De 33:29; Ps 144:15
h Ps 65:4; Ps 135:4; 1Pe 2:9
i Ps 11:4; Ps 14:2; Spr 15:3
j Heb 4:13
k 1Kn 8:30; Ps 115:3
l 1Kr 28:9; Ps 105:25
m Job 34:21; Spr 24:12
n Jos 11:6; 2Kr 32:21
o Ps 44:5; Jer 9:23

p De 17:16; 2Kn 7:7; Ps 20:7; Spr 21:31; Jes 31:1; Ho 14:3; q Ps 147:10; r Job 36:7; Ps 34:15; 1Pe 3:12; s Ps 147:11.

19 Om hulle siel van die dood te verlos,[a]
En om hulle tydens hongersnood in die lewe te hou.[b]
20 Ja, ons siel het op Jehovah gewag.[c]
Ons helper en ons skild is hy.[d]
21 Want in hom is ons hart bly;[e]
Want in sy heilige naam het ons ons vertroue gestel.[f]
22 Laat u liefderyke goedhartigheid, o Jehovah, oor ons wees,[g]
Net soos ons op u bly wag het.[h]

Van Dawid, toe hy hom kranksinnig gehou het voor Abime′leg,[i] sodat dié hom verdryf het en hy weggegaan het.

א [*'A′lef*]

34 Ek sal Jehovah te alle tye loof;[j]
Sy lof sal voortdurend in my mond wees.[k]

ב [*Bet*]

2 In Jehovah sal my siel roem;[l]
Die sagmoediges sal hoor en sal bly wees.[m]

ג [*Gi′mel*]

3 O MAAK Jehovah saam met my groot,[n]
En laat ons sy naam saam verhef.[o]

ד [*Da′let*]

4 Ek het Jehovah geraadpleeg, en hy het my geantwoord,[p]
En uit al my verskrikkinge het hy my verlos.[q]

ה [*He′*]

5 Hulle het na hom opgesien en begin straal,[r]
En hulle aangesig kon onmoontlik beskaamd word.[s]

ז [*Sa′jin*]

6 Hierdie geteisterde het geroep, en Jehovah het gehoor.[a]
En uit al sy benoudhede het Hy hom gered.[b]

ח [*Get*]

7 Die engel van Jehovah slaan kamp op rondom dié wat hom vrees,[c]
En hy red hulle.[d]

ט [*Tet*]

8 SMAAK en sien dat Jehovah goed is;[e]
Gelukkig is die man wat sy toevlug tot hom neem.[f]

י [*Jod*]

9 Vrees Jehovah, o sy heiliges,[g]
Want dié wat hom vrees, het geen gebrek nie.[h]

כ [*Kaf*]

10 Die jong maanhaarleeus het min gehad en honger gely;[i]
Maar wat dié betref wat Jehovah soek, dit sal hulle aan niks goeds ontbreek nie.[j]

ל [*La′med*]

11 Kom, o seuns, luister na my;[k]
Die vrees van Jehovah sal ek julle leer.[l]

מ [*Mem*]

12 Wie is die man wat behae skep in die lewe,[m]
Wat genoeg dae liefhet om die goeie te sien?[n]

נ [*Noen*]

13 Bewaar jou tong van wat sleg is,[o]
En jou lippe daarvan om bedrog te spreek.[p]

HFST. 33
a Ps 56:13
b Ps 37:19; Jes 33:16
c Ps 62:1; Ps 130:6
d Ge 15:1; De 33:29; Ps 18:2; Ps 115:9
e Ps 13:5; Sag 10:7
f 1Kr 16:10; Ps 28:7; Spr 18:10
g Ps 32:10; Ps 119:76
h Ps 31:24; Mi 7:7

HFST. 34
i 1Sa 21:13
j Han 16:25; Ef 5:20
k Ps 44:8; Ps 71:8
l Jes 45:25; Jer 9:24; 1Ko 1:31
m Ps 119:74
n Ps 35:27; Ps 69:30; Lu 1:46
o Ps 148:13
p Lu 11:9; Heb 5:7
q Ps 18:48; Ps 144:10
r 2Ko 3:18
s Ps 37:19

Tweede kol.
a Ps 3:4; Ps 10:17
b 2Sa 22:1
c 2Kn 6:17; Ps 91:11; Mt 18:10; Han 5:19; Han 12:11; Heb 1:14
d 2Kn 19:35; Da 6:22
e Jer 31:14; 1Pe 2:3
f Ps 84:12; Ps 94:22
g Ge 22:12; Ps 19:9; Ho 3:5
h Ps 23:1; Flp 4:19
i Job 4:11
j Ps 23:6; Ps 84:11; Lu 1:53
k Spr 4:1
l Job 28:28; Ps 111:10; Spr 1:7; Spr 8:13
m De 6:2; De 30:20; Ps 21:4; Ps 91:16; Mt 7:14; 1Pe 3:10
n Ps 4:6; Pr 2:3

o Ps 39:1; Spr 15:4; Jak 1:26; Jak 3:8; p Spr 12:19; Spr 12:22; Kol 3:9; 1Pe 2:1.

ס [*Sa′mek*]

**14** Wyk af van wat sleg is en doen wat goed is;[a]
Soek vrede en streef dit na.[b]

ע [*ʽA′jin*]

**15** Die oë van Jehovah is op die regverdiges,[c]
En sy ore is tot hulle hulpgeroep.[d]

פ [*Pe′*]

**16** Die aangesig van Jehovah is teen dié wat doen wat sleg is,[e]
Om die vermelding van hulle van die aarde af te sny.[f]

צ [*Sade′*]

**17** Hulle het geroep, en Jehovah het gehoor,[g]
En uit al hulle benoudhede het hy hulle verlos.[h]

ק [*Kof*]

**18** Jehovah is naby die gebrokenes van hart;[i]
En die verbryseldes van gees red hy.[j]

ר [*Resj*]

**19** Baie is die rampspoede van die regverdige,[k]
Maar uit hulle almal verlos Jehovah hom.[l]

ש [*Sjin*]

**20** Hy bewaar al sy bene;
Nie een daarvan is gebreek nie.[m]

ת [*Tau*]

**21** Rampspoed sal die goddelose doodmaak;[n]
En dié wat die regverdige haat, sal skuldig geag word.[o]

**22** Jehovah verlos die siel van sy knegte;[p]
En nie een van dié wat hulle toevlug tot hom neem, sal skuldig geag word nie.[q]

Van Dawid.

**35** Verdedig tog my regsaak, o Jehovah, teen my teenstanders;[a]
Voer oorlog teen dié wat teen my oorlog voer.[b]

**2** Gryp die klein skild en die groot skild,[c]
En staan tog op om my te help,[d]

**3** En trek die spies en die dubbele byl uit om dié wat my agtervolg, tegemoet te gaan.[e]
Sê vir my siel: "Ek is jou redding."[f]

**4** Laat dié wat my siel soek, beskaamd staan en verneder word.[g]
Laat dié wat rampspoed teen my beraam, agteruitwyk en verleë wees.[h]

**5** Laat hulle soos kaf voor die wind word,[i]
En laat Jehovah se engel hulle voortdryf.[j]

**6** Laat hulle weg duisternis en glibberige plekke word,[k]
En laat Jehovah se engel hulle agtervolg.

**7** Want sonder oorsaak het hulle hulle vangnetkuil vir my verberg;[l]
Sonder oorsaak het hulle dit vir my siel gegrawe.[m]

**8** Laat verwoesting oor hom kom sonder dat hy dit weet,[n]
En laat sy eie net wat hy verberg het, hom vang;[o]
Laat hom daarin val met verwoesting.[p]

**9** Maar laat my siel bly wees in Jehovah;[q]

**HFST. 34**

a Ps 37:27; Ps 97:10; Spr 3:7; Jes 1:16; Am 5:15; Ro 12:9
b Mt 5:9; Ro 12:18; Heb 12:14; 1Pe 3:11
c Job 36:7; Ps 33:18; 1Pe 3:12
d Ps 10:17; Ps 18:6; Ps 94:9; Jes 59:1
e Le 17:10; Jer 44:11; Ese 14:8; Am 9:4
f Ps 10:16; Ps 37:10; Spr 10:7; Jes 26:14
g Ps 30:2; Ps 91:15; Ps 145:18
h 2Kr 32:22; Ps 91:15; Han 12:11
i Ps 147:3; Jes 61:1
j Ps 51:17; Jes 57:15; Jes 66:2; Lu 4:18
k Spr 24:16; Han 14:22; 2Ti 3:12
l Da 6:22; 1Ko 10:13
m Joh 19:36
n Ps 94:23; Jes 3:11
o Ps 89:23; Joh 7:7
p 1Kn 1:29; Ps 71:23; Ps 103:4; Klg 3:58
q Ps 9:10; Ps 84:11

**Tweede kol.**

**HFST. 35**

a 1Sa 24:15; Ps 43:1; Ps 119:154
b Eks 14:25; Jos 10:42; Ps 3:7
c Eks 15:3
d Ps 33:20; Jes 42:13
e 1Sa 23:26
f Ps 62:7; Jes 12:2
g Ps 40:14; Ps 70:2; Jer 17:18
h Ps 35:26
i Ps 1:4; Jes 17:13; Ho 13:3; Mt 3:12
j Eks 14:19; Jes 37:36; Han 12:23

k Ps 73:18; Spr 4:19; Jer 23:12; l Ps 140:5; m Ps 119:85; n Spr 29:1; o Ps 7:15; Ps 9:15; Ps 57:6; Ps 141:10; p Est 7:10; Ps 69:22; Ro 11:9; q 1Sa 2:1; Hab 3:18.

Laat hy hom verheug in
Sy redding.[a]
10 Laat al my beendere sê:[b]
“O Jehovah, wie is soos u,[c]
Wat die geteisterde verlos
van iemand wat sterker
is as hy,[d]
En die geteisterde en
arme van die een wat
hom beroof?”[e]
11 Gewelddadige getuies staan
op;[f]
Wat ek nie geweet het nie,
vra hulle my.[g]
12 Hulle vergeld my kwaad vir
goed,[h]
Smartlike berowing vir
my siel.[i]
13 Wat my betref, toe hulle
siek geword het, was
my klere saklinne,[j]
Met gevas het ek my siel
gekasty,[k]
En na my boesem het my
gebed teruggekeer.[l]
14 Soos vir ’n metgesel, soos vir
’n broer van my,[m]
Het ek rondgeloop soos
iemand wat oor ’n moe-
der treur.[n]
Bedroef het ek my neer-
gebuig.
15 Maar oor my mankheid was
hulle bly en het hulle
bymekaargekom;[o]
Hulle het teen my byme-
kaargekom[p]
En my neergeslaan sonder
dat ek dit geweet het;[q]
Hulle het my verskeur en
nie stilgebly nie.[r]
16 Onder die afvallige spotters
vir ’n koek[s]
Was daar ’n gekners van
hulle tande, ja, teen
my.[t]
17 O Jehovah, hoe lank sal u dit
bly aansien?[u]
Bring tog my siel terug
van hulle verwoestin-
ge,[v]
Ja, my enigste[a] van die
jong maanhaarleeus af.
18 Ek sal u in die groot gemeen-
te prys;[b]
Onder ’n talryke volk sal
ek u loof.[c]
19 Laat dié wat sonder rede my
vyande is, tog nie oor
my bly wees nie;[d]
Wat dié betref wat my
sonder oorsaak haat,
laat hulle nie die oog
knip nie.[e]
20 Want hulle spreek nie woor-
de van vrede nie;[f]
Maar teen die stilles van
die aarde
Bly hulle bedrieglike din-
ge beraam.[g]
21 En hulle maak hulle mond
wyd oop teen my.[h]
Hulle het gesê: “Ha! Ha!
ons oog het dit gesien.”[i]
22 U het gesien, o Jehovah.[j]
Moenie stilbly nie.[k]
O Jehovah, moenie ver
van my af bly nie.[l]
23 Ontwaak tog en word wak-
ker vir my reg,[m]
O my God, ja Jehovah, vir
my regsaak.[n]
24 Oordeel my volgens u reg-
verdigheid, o Jehovah
my God,[o]
En laat hulle nie oor my
bly wees nie.[p]
25 Laat hulle tog nie in hulle
hart sê: “Ha, ons siel!”
nie.[q]
Laat hulle nie sê: “Ons het
hom verswelg” nie.[r]
26 Laat dié wat bly is oor my
rampspoed,[s]
Tesame beskaamd staan
en verleë wees.[t]
Laat dié wat hulle baie
groot hou teen my,[u]
met skaamte en verne-
dering beklee word.[v]
27 Laat dié wat behae skep in
my regverdigheid, met

HFST. 35
a Ps 13:5; Ps 21:1
b Ps 22:14
c Eks 15:11; Ps 71:19
d Ps 18:17; Ps 37:40
e Ps 40:17; Spr 22:23
f Ps 27:12; Mt 26:59
g Han 6:13
h 1Sa 19:5; Ps 38:20; Ps 109:5; Jer 18:20; Joh 10:32; Joh 18:23
i 1Sa 20:33
j Job 30:25; Ps 69:11
k Le 16:31; 1Kn 21:27; Jes 58:3
l Lu 10:6
m 2Sa 1:17
n Ge 24:67
o Spr 17:5
p Ps 71:10
q Mt 27:30
r Mt 27:29
s Joh 18:28
t Job 16:9; Ps 37:12; Han 7:54
u Hab 1:13
v Ps 69:14; Ps 142:6

Tweede kol.
a Ps 22:20; Ps 57:4
b Ps 22:22; Ps 40:9; Ps 111:1; Heb 2:12
c Ro 15:9
d Ps 25:2
e Ps 69:4; Spr 6:13; Joh 15:25
f Mt 26:4
g Ps 31:13; Jer 11:19; Mt 12:24; 1Pe 2:22
h Ps 22:13
i Ps 70:3
j Eks 3:7; Han 7:34
k Ps 28:1; Ps 50:21; Ps 83:1
l Ps 10:1; Ps 71:12
m Ps 44:23
n Ps 119:154
o Ps 7:8; Ps 26:1; Ps 96:13; Jes 11:4
p Ps 13:4
q Ps 70:3
r Ps 27:12; Ps 41:2; Ps 56:1
s Joh 16:20
t Ps 40:14
u Ps 38:16
v Ps 132:18

vreugde uitroep en bly
wees,[a]
En laat hulle voortdurend
sê:[b]
“Laat Jehovah groot ge-
maak word, wat behae
skep in die vrede van
sy kneg.”[c]
28 En laat my tong u regverdig-
heid op gedempte toon
uitspreek,[d]
U lof die hele dag deur.[e]

Vir die musiekleier.
Van Jehovah se kneg, Dawid.

**36** Die woorde van oortre-
ding is vir die godde-
lose in die binneste
van sy hart;[f]
Daar is geen vrees vir
God voor sy oë nie.[g]
2 Want hy het te vleiend teen-
oor homself gehandel
in sy eie oë[h]
Om sy oortreding uit te
vind ten einde dit te
haat.[i]
3 Die woorde van sy mond
is skadelikheid en be-
drog;[j]
Hy het opgehou om insig
te hê om goed te doen.[k]
4 Skadelike planne bly hy op
sy bed beraam.[l]
Hy gaan staan op ’n weg
wat nie goed is nie.[m]
Wat sleg is, verwerp hy
nie.[n]
5 O Jehovah, u liefderyke
goedhartigheid is in die
hemele;[o]
U getrouheid reik tot aan
die wolke.[p]
6 U regverdigheid is soos die
berge van God;[q]
U regterlike beslissing is
’n groot waterdiepte.[r]
U red mens en dier, o Je-
hovah.[s]
7 Hoe kosbaar is u liefdery-
ke goedhartigheid tog,
o God![t]
En in die skaduwee van u
vleuels soek die mense-
kinders toevlug.[a]
8 Hulle drink tot versadiging
toe van die vettigheid
van u huis;[b]
En van die stroom van u
genietinge laat u hulle
drink.[c]
9 Want by u is die bron van die
lewe;[d]
Deur lig van u kan ons lig
sien.[e]
10 Laat u liefderyke goedhar-
tigheid voortduur vir
dié wat u ken,[f]
En u regverdigheid vir die
opregtes van hart.[g]
11 Laat die voet van hoogmoed
tog nie teen my kom
nie;[h]
Wat die hand van die god-
deloses betref, laat dit
nie van my ’n swerwer
maak nie.[i]
12 Daar het dié wat skadelike
dinge beoefen, geval;[j]
Hulle is neergestoot en
kon nie opstaan nie.[k]

Van Dawid.
א [*’A’lef*]

**37** Moenie driftig wees oor
die kwaaddoeners
nie.[l]
Moenie afgunstig wees
op dié wat onregver-
digheid bedryf nie.[m]
2 Want soos gras sal hulle gou
verdor,[n]
En soos groen, nuwe gras
sal hulle verwelk.[o]

ב [*Bet*]

3 Vertrou op Jehovah en doen
wat goed is;[p]
Bewoon die aarde en han-
del met getrouheid.[q]
4 Verlustig jou ook in Jeho-
vah,[r]

**HFST. 35**
a Ro 12:15, 1Ko 12:26
b Ps 70:4
c Ps 84:11, Ps 149:4
d Ps 51:14
e Ps 71:24, Ps 145:2

**HFST. 36**
f Spr 6:18
g Ge 20:11, Ro 3:18
h De 29:19, Ps 10:3
i Ps 97:10, Am 5:15
j Ps 5:9, Ps 12:2
k Jer 4:22
l Spr 4:16, Mi 2:1
m Jes 65:2
n Ro 1:32
o Ps 57:10, Ps 103:11
p Ps 89:2, Ps 108:4
q Ps 71:19
r Ro 11:33
s Ps 145:9, Ps 147:9, 1Ti 4:10
t Ps 31:19, Mi 7:18

**Tweede kol.**
a Rut 2:12, Ps 17:8, Ps 91:4
b Ps 65:4, Jer 31:14, Sag 9:17
c Ps 16:11
d Job 33:4, Jer 2:13, Han 17:28, Op 4:11
e Job 29:3, Ps 27:1, Ps 43:3, Jes 2:5, 2Ko 4:6, Jak 1:17, 1Pe 2:9
f Ps 103:17, Jer 22:16
g Ps 7:10, Ps 94:15, Ps 97:11
h Ps 10:2
i Ps 16:8
j Ps 58:10, 2Te 1:8
k Ps 1:5, Jer 51:64

**HFST. 37**
l Ps 37:7, Spr 24:19
m Ps 73:3, Spr 3:31, Spr 23:17
n Ps 73:19, Ps 90:6, Ps 129:6
o Jak 1:10, 1Pe 1:24

p Ps 4:5; Jes 1:17; Jes 50:10; Heb 13:16; q Spr 28:20; r Jes 58:14.

En hy sal jou die versoeke van jou hart gee.[a]

ג [*Gi′mel*]

5 Laat jou weg aan Jehovah oor[b]
En verlaat jou op hom,[c] en hy sal optree.[d]
6 En hy sal beslis jou regverdigheid te voorskyn laat kom soos die lig,[e]
En jou geregtigheid soos die middag.[f]

ד [*Da′let*]

7 Swyg voor Jehovah[g]
En wag vol verlange op hom.[h]
Moenie driftig wees oor enigiemand wat sy weg suksesvol maak nie,[i]
Oor die man wat sy idees uitvoer nie.[j]

ה [*He′*]

8 Laat staan die toorn en laat vaar die woede;[k]
Moenie driftig wees nie; dit is net om kwaad te doen.[l]
9 Want die kwaaddoeners sal uitgeroei word,[m]
Maar dié wat op Jehovah hoop, hulle sal die aarde besit.[n]

ו [*Wau*]

10 En nog net ’n klein rukkie en die goddelose sal daar nie meer wees nie;[o]
En jy sal beslis ag gee op sy plek, en hy sal daar nie wees nie.[p]
11 Maar die sagmoediges sal die aarde besit,[q]
En hulle sal hulle inderdaad verlustig in die oorvloed van vrede.[r]

ז [*Sa′jin*]

12 Die goddelose smee komplotte teen die regverdige,[s]
En hy kners sy tande teen hom.[a]
13 Jehovah sal hom uitlag,[b]
Want hy sien beslis dat sy dag sal kom.[c]

ח [*Get*]

14 Die goddeloses het ’n swaard getrek en het hulle boog gespan[d]
Om die geteisterde en arme te laat val,[e]
Om dié dood te maak wat regskape is in hulle weg.[f]
15 Hulle eie swaard sal in hulle hart gaan,[g]
En hulle boë sal gebreek word.[h]

ט [*Tet*]

16 Die bietjie van die regverdige is beter[i]
As die oorvloed van baie goddeloses.[j]
17 Want die arms van die goddeloses sal verbreek word,[k]
Maar Jehovah sal die regverdiges ondersteun.[l]

י [*Jod*]

18 Jehovah ken die dae van die onberispelikes,[m]
En hulle erfdeel sal tot onbepaalde tyd bly.[n]
19 Hulle sal nie in die tyd van rampspoed beskaamd staan nie,[o]
En in die dae van hongersnood sal hulle versadig word.[p]

כ [*Kaf*]

20 Want die goddeloses sal vergaan,[q]
En die vyande van Jehovah sal soos die kosbaarheid van die weivelde wees;

**HFST. 37**
a Ps 21:2
b Ps 55:22; Spr 16:3
c Mt 6:33; Flp 4:6; 1Pe 5:7
d Pr 9:1; Klg 3:37; Jak 4:15
e Mi 7:9
f Mal 3:18; Mt 7:2
g Ps 62:1; Klg 3:26
h Ps 27:14
i Job 21:7; Ps 73:3; Jer 12:1
j Spr 19:21; Jes 10:13
k Spr 14:29; Spr 16:32; Ef 4:26
l Lu 9:54
m Job 27:14; Ps 55:23; 2Pe 2:9
n Ps 25:13; Ps 37:29; Jes 57:13; Jes 58:14; Mt 5:5
o Job 24:24; Heb 10:37; 1Pe 4:7
p 1Sa 25:39; Job 7:10; Ps 52:5
q Jes 45:18; Mt 5:5; Op 21:3
r Ps 72:7; Ps 119:165; Jes 26:3; Jes 48:18; Flp 4:7
s 1Sa 18:21; Mt 26:4

**Tweede kol.**
a Ps 35:16
b Ps 2:4
c 1Sa 26:10; Jer 50:27; Ese 21:25
d Ps 64:3
e Hab 1:13
f Han 7:52; Han 12:2; 1Jo 3:12
g 2Sa 17:23; Est 7:10; Ps 7:15; Ps 35:8
h Ps 46:9; Ps 76:3
i Spr 16:8; Spr 30:9; 1Ti 6:6
j Spr 15:16; Pr 2:26
k Job 38:15; Ps 10:15
l Ps 41:12; Jud 24
m Ps 1:6; 2Ti 2:19
n Ps 16:11; 1Jo 2:25

o Pr 9:12; Am 5:13; p Ps 33:19; q Ps 92:9; Spr 10:7; 2Pe 2:12.

Hulle sal aan hulle einde kom.[a] In rook sal hulle aan hulle einde kom.[b]

ל [*La′med*]

21 Die goddelose leen en betaal nie terug nie,[c]
Maar die regverdige betoon guns en gee geskenke.[d]
22 Want dié wat deur hom geseën word, sal die aarde besit,[e]
Maar dié oor wie hy ’n vloek uitspreek, sal uitgeroei word.[f]

מ [*Mem*]

23 Deur Jehovah is die voetstappe van ’n man berei,[g]
En in sy weg skep Hy behae.[h]
24 Al val hy, sal hy nie neergeslinger word nie,[i]
Want Jehovah ondersteun sy hand.[j]

נ [*Noen*]

25 Ek was eens ’n jong man, ook het ek oud geword,[k]
En tog het ek geen regverdige heeltemal verlate gesien[l]
Of dat sy nageslag brood soek nie.[m]
26 Die hele dag betoon hy guns en leen hy uit,[n]
En so kom sy nageslag in aanmerking vir ’n seën.[o]

ס [*Sa′mek*]

27 Wyk af van wat sleg is en doen wat goed is,[p]
En woon so tot onbepaalde tyd.[q]
28 Want Jehovah het geregtigheid lief,[r]
En hy sal sy lojales nie verlaat nie.[s]

ע [*ʽA′jin*]

Tot onbepaalde tyd sal hulle beslis bewaar word;[a]
Maar wat die nageslag van die goddeloses betref, hulle sal inderdaad uitgeroei word.[b]
29 Die regverdiges sal die aarde besit,[c]
En hulle sal vir ewig daarop woon.[d]

פ [*Pe′*]

30 Die mond van die regverdige spreek wysheid op gedempte toon uit,[e]
En sy tong spreek wat reg is.[f]
31 Die wet van sy God is in sy hart;[g]
Sy voetstappe sal nie wankel nie.[h]

צ [*Sade′*]

32 Die goddelose is op die loer vir die regverdige[i]
En is daarop uit om hom dood te maak.[j]
33 Wat Jehovah betref, hy sal hom nie aan sy hand oorlaat nie,[k]
En hy sal hom nie goddeloos verklaar wanneer hy geoordeel word nie.[l]

ק [*Kof*]

34 Hoop op Jehovah en hou sy weg,[m]
En hy sal jou verhef om die aarde in besit te neem.[n]
Wanneer die goddeloses uitgeroei word, sal jy dit sien.[o]

ר [*Resj*]

35 Ek het gesien dat die goddelose ’n tiran is[p]
En dat hy hom uitbrei soos ’n blaarryke boom op eie bodem.[q]

**HFST. 37**
a Ge 19:29
b Ps 102:3
c De 28:12; Spr 22:7
d De 15:11; Job 31:16; Ps 112:9; Spr 14:21; Spr 19:17; Pr 11:2; 2Ti 1:16
e Ps 37:9
f Ps 119:21; Sag 5:4
g 1Sa 2:9; Spr 16:9
h Spr 11:20; Jer 9:24
i Ps 34:19; Ps 145:14; Spr 24:16
j Ps 91:12
k Job 32:6; Ps 71:18
l Jos 1:5; Ps 94:14; Mt 6:33; Heb 13:5
m De 24:19; Ps 25:13; Ps 112:2; Ps 145:15; Spr 10:3; Spr 13:22
n De 15:8; Ps 112:5
o Spr 20:7
p Ps 34:14; Jes 1:17; 1Pe 3:11
q Spr 16:17
r Job 37:23; Ps 11:7; Ps 33:5; Jer 9:24
s 1Sa 2:9; 2Sa 22:26; Spr 2:8

**Tweede kol.**
a Ps 97:10
b Job 27:14; Ps 21:10; Spr 2:22
c De 30:20; Ps 37:9; Spr 2:21; Mt 5:5
d Jes 66:22; Mt 25:46; Op 21:3
e Jos 1:8; Ps 1:2
f Mt 12:35; Ef 4:29; Kol 4:6
g De 6:6; Ps 40:8; Heb 8:10
h Ps 121:3
i Jer 20:10; Lu 6:7
j Ps 10:8; Lu 19:47; Han 9:24
k Ps 31:8; 2Ti 4:17; 2Pe 2:9
l Ps 109:31
m Ps 27:14; Spr 4:26; Spr 20:22
n Ps 37:22; o Ps 52:6; Ps 91:8; p Est 5:11; q Job 21:7.

36 En tog het hy verdwyn, en kyk, hy was daar nie;[a]
En ek het hom bly soek, en hy is nie gevind nie.[b]

ש [*Sjin*]

37 Gee ag op die onberispelike en kyk na die regskapene,[c]
Want die toekoms van dié man sal vreedsaam wees.[d]
38 Maar die oortreders sal beslis saam verdelg word;[e]
Die toekoms van die goddeloses sal inderdaad afgesny word.[f]

ת [*Tau*]

39 En die redding van die regverdiges kom van Jehovah;[g]
Hy is hulle vesting in die tyd van benoudheid.[h]
40 En Jehovah sal hulle help en aan hulle ontkoming verskaf.[i]
Hy sal aan hulle ontkoming verskaf van die goddeloses en hulle red,[j]
Omdat hulle hulle toevlug tot hom geneem het.[k]

’n Melodie van Dawid, om in herinnering te bring.

**38** O Jehovah, moet my nie in u verontwaardiging teregwys[l]
Of my in u woede bestraf nie.[m]
2 Want u pyle het diep in my ingedring,[n]
En op my het u hand neergedaal.[o]
3 Daar is geen gesonde plek aan my vlees weens u veroordeling nie.[p]
Daar is geen vrede in my gebeente weens my sonde nie.[q]
4 Want my eie oortredings het oor my hoof gegaan;[r]
Soos ’n swaar vrag is hulle vir my te swaar.[a]
5 My wonde het begin stink, hulle het gesweer,
Weens my dwaasheid.[b]
6 Ek het ontsteld geraak, ek het my baie laag neergebuig;[c]
Die hele dag het ek bedroef rondgeloop.[d]
7 Want my lendene brand oral,
En daar is geen gesonde plek aan my vlees nie.[e]
8 Ek is lamgeslaan en erg verbryseld;
Ek het gebrul weens die gekreun van my hart.[f]
9 O Jehovah, voor u is al my begeertes,
En my gesug is vir u nie verborge nie.[g]
10 My hart het gebons, my krag het my verlaat,
En die lig van my oë is ook nie by my nie.[h]
11 Dié wat my liefhet en my metgeselle is, bly ver van my plaag af staan,[i]
En dié wat my goed ken, het op ’n afstand gestaan.[j]
12 Maar dié wat my siel soek, span valstrikke,[k]
En dié wat hulle vir my rampspoed beywer, het van teëspoed gepraat,[l]
En die hele dag bly hulle bedrog mompel.[m]
13 Wat my betref, soos ’n dowe het ek nie geluister nie;[n]
En soos ’n stomme het ek my mond nie oopgemaak nie.[o]
14 En ek het geword soos ’n man wat nie hoor nie,
En in my mond was daar geen teenargumente nie.
15 Want op u, o Jehovah, het ek gewag;[p]

HFST. 37
a Eks 15:10; Han 12:23
b Ps 37:10
c Job 1:1
d Job 42:12; Job 42:16; Spr 28:10; Jes 32:18
e Ps 1:4; Ps 9:17; Ps 52:5; Spr 10:7
f 2Pe 2:9
g Ps 3:8; Jes 12:2; Jon 2:9
h Ps 9:9; Ps 46:1; Ps 91:15; Jes 33:2
i Jes 31:5; Jes 46:4; 1Ko 10:13
j Ps 17:13; Ps 40:17
k 1Kr 5:20; Ps 22:4; Da 3:17; Da 6:23

HFST. 38
l Ps 6:1; Heb 12:6
m De 9:19; Jer 10:24
n Job 6:4; Klg 3:12
o Rut 1:13; Ps 32:4
p Ps 102:10; Jes 1:6
q Ps 6:2; Ps 31:10; Ps 41:4; Ps 51:8
r Esr 9:6; Ps 40:12

Tweede kol.
a Mt 11:28
b Spr 20:30
c Ps 35:14
d Job 30:28; Ps 42:9
e Ps 38:3
f Job 3:24; Ps 22:1; Jes 59:11
g Ro 8:23
h Ps 6:7; Ps 88:9
i Job 19:13; Ps 31:11
j Lu 23:49
k Ps 64:5; Ps 119:110; Lu 20:20
l 2Sa 16:7; Ps 62:4
m Ps 35:20; Spr 24:2
n 2Sa 16:11
o Ps 39:2; Ps 39:9; Am 5:13; 1Pe 2:23
p 2Sa 16:12; Ps 39:7; Ps 123:2

U het geantwoord, o Jehovah my God.[a]
16 Want ek het gesê: “Anders sal hulle bly wees oor my;[b]
Wanneer my voet wankel,[c] sal hulle hulle beslis baie groot hou teen my.”[d]
17 Want ek het op die punt gestaan om mank te word,[e]
En my pyn was voortdurend voor my.[f]
18 Want ek het my eie oortreding bekend gemaak;[g]
Ek het my begin kwel oor my sonde.[h]
19 En my vyande wat lewe, het magtig geword,[i]
En dié wat my sonder rede haat, het talryk geword.[j]
20 En hulle het my kwaad vir goed vergeld;[k]
Hulle het my bly teëstaan omdat ek die goeie nastreef.[l]
21 Moet my nie verlaat nie, o Jehovah.
O my God, moenie ver van my af bly nie.[m]
22 Snel my tog te hulp,[n]
O Jehovah, my redding.[o]

Vir die musiekleier van Jeduʹtun.[p] ’n Melodie van Dawid.

**39** Ek het gesê: “Ek sal my weë bewaak[q]
Om nie met my tong te sondig nie.[r]
Ek sal ’n muilband omsit as ’n wag vir my mond[s]
Solank daar ’n goddelose voor my is.”[t]
2 Ek het stom geword in stilte;[u]
Ek het stilgebly oor wat goed is,[v]

**HFST. 38**
a Ps 138:3
b Ps 13:4; Ps 35:24
c Ps 94:18
d Ps 35:26
e Ps 35:15; Jer 20:10
f Ps 77:2
g Ps 32:5
h Ps 51:3
i Ps 25:19
j Ps 35:19; Ps 69:4
k 1Sa 25:21; Ps 35:12; Jer 18:20
l 1Pe 3:13; 1Jo 3:12
m Ps 22:11; Ps 35:22
n Ps 40:13
o Ps 27:1; Ps 62:2; Jes 12:2

**HFST. 39**
p 1Kr 16:41; 1Kr 25:1
q 1Kn 2:4; Ps 34:13; Ps 119:9; Heb 2:1; 1Pe 2:23
r Job 2:10; Ps 12:4; Spr 18:21; Jak 3:5
s Ps 141:3; Jak 1:26; Jak 3:2
t Kol 4:5
u Ps 38:13; Mt 27:12
v Mt 7:6

**Tweede kol.**
a Jer 20:9
b Job 14:13
c Ps 89:47; Ps 90:12; Ps 119:84
d Job 14:1
e Ps 90:9; Jak 4:14
f Ps 90:4; 2Pe 3:8
g Ps 62:9; Ps 144:4
h Ro 8:20
i Lu 12:19
j Job 27:17; Ps 49:10; Spr 13:22; Pr 2:19; Pr 4:8; Lu 12:20
k Ps 38:15
l Ps 25:11; Mi 7:19
m Ps 44:13; Jl 2:17
n Le 10:3; Job 40:4
o Ps 38:13
p 2Sa 16:10; Da 4:35

En die pyn waarin ek verkeer, is verban.
3 My hart het warm geword in my binneste;[a]
Gedurende my gesug het die vuur bly brand.
Ek het met my tong gespreek:
4 “Maak aan my, o Jehovah, my einde bekend,[b]
En die maat van my dae—wat dit is,[c]
Sodat ek kan weet hoe verganklik ek is.[d]
5 Kyk! U het my dae maar min gemaak;[e]
En my lewensduur is soos niks voor u.[f]
Waarlik, elke mens, al staan hy ook vas, is net ’n asemstoot.[g] *Sela*.
6 Waarlik, as ’n skadubeeld wandel die mens rond.[h]
Waarlik, tevergeefs is hulle onstuimig.[i]
’n Mens hoop dinge op en weet nie wie dit sal insamel nie.[j]
7 En nou, waarop het ek gehoop, o Jehovah?
My verwagting is op u gerig.[k]
8 Verlos my van al my oortredings.[l]
Moet my nie ’n smaad van die verstandelose maak nie.[m]
9 Ek het stom gebly;[n] ek kon my mond nie oopmaak nie,[o]
Want u het opgetree.[p]
10 Neem u plaag van my af weg.[q]
Weens die vyandigheid van u hand het ek aan my einde gekom.[r]
11 Deur teregwysings teen oortreding het u die mens bestraf,[s]

q Job 9:34; Job 13:21; r Ps 90:7; s Ps 90:8.

En u verteer sy begeerlike dinge net soos 'n mot[a] dit doen.
Waarlik, elke mens is 'n asemstoot.[b] *Sela.*
12 Hoor tog my gebed, o Jehovah,
En luister tog na my hulpgeroep.[c]
Moenie stilbly by my trane nie.[d]
Want ek is net 'n inwonende vreemdeling by u,[e]
'n Bywoner soos al my voorvaders.[f]
13 Wend u blik van my af, sodat ek vrolik kan word[g]
Voordat ek heengaan en nie meer daar is nie."[h]

Vir die musiekleier.
Van Dawid, 'n melodie.

40 Ek het vurig gehoop op Jehovah,[i]
En daarom het hy sy oor tot my geneig en my hulpgeroep gehoor.[j]
2 Hy het my ook uit 'n bruisende kuil opgetrek,[k]
Uit die modder van die afsaksel.[l]
Toe het hy my voete op 'n groot rots gestel;[m]
Hy het my voetstappe stewig gevestig.[n]
3 Verder het hy 'n nuwe lied in my mond gelê,
'n Loflied aan ons God.[o]
Baie sal dit sien en sal vrees,[p]
En hulle sal op Jehovah vertrou.[q]
4 Gelukkig is die man wat Jehovah sy vertroue gemaak het[r]
En wat nie sy aangesig na uitdagende mense gekeer het nie,
Of na dié wat in leuens verval nie.[s]

HFST. 39
a Job 13:28, Jes 50:9, Jes 51:8, Ho 5:12
b Ps 39:5, Ps 102:11
c Ps 28:1
d Job 16:20
e Le 25:23, 1Kr 29:15, Ps 119:19, 1Pe 1:17, 1Pe 2:11
f Ge 47:9, Heb 11:13
g Job 10:20, Job 14:6
h Job 14:10

HFST. 40
i Ps 27:14, Ps 37:7
j Ps 34:15, Ps 116:2
k Ps 18:16
l Ps 69:2
m Ps 27:5
n Ps 37:23
o Ps 33:3, Ps 98:1, Ps 113:1
p Ps 52:6, Ps 64:9
q Han 4:4
r Ps 34:8, Jer 17:7
s Ps 101:3, Jes 28:15

Tweede kol.
a Eks 15:11, Ps 136:4
b Ps 92:5, Op 15:3
c Ps 89:6, Jes 55:8
d Ps 71:15, Ps 139:18
e 1Sa 15:22, Ps 51:16, Jes 1:11, Ho 6:6, Mt 12:7, Heb 10:5
f Jes 50:5
g Heb 10:6
h Heb 10:7
i Ge 3:15, De 18:15, Lu 24:44, Han 10:43, 1Ko 15:3
j Ps 112:1, Joh 4:34, Ro 7:22, Heb 10:9
k Ps 37:31, Spr 3:1, Jer 31:33, 2Ko 3:3
l Ps 22:22, Ps 35:18
m Ps 119:13, Heb 13:15
n Ps 139:2
o Han 20:27
p Heb 2:13
q Heb 2:12
r Ps 69:16

5 Baie dinge het u gedoen,[a]
O Jehovah my God, ja, u wonderlike werke en u gedagtes teenoor ons;[b]
Niemand kan met u vergelyk word nie.[c]
Sou ek geneig wees om dit te verkondig en daaroor te praat,
Het dit te talryk geword om te vertel.[d]
6 In offerande en offergawe het u geen behae geskep nie;[e]
Hierdie ore van my het u geopen.[f]
Brandoffer en sondoffer het u nie gevra nie.[g]
7 Met die oog daarop het ek gesê: "Kyk, ek het gekom,[h]
In die boekrol staan daar van my geskrywe.[i]
8 Ek het daarin behae geskep, o my God, om u wil te doen,[j]
En u wet is in my ingewande.[k]
9 Ek het die goeie nuus van regverdigheid in die groot gemeente verkondig.[l]
Kyk! My lippe bedwing ek nie.[m]
O Jehovah, u weet dit goed.[n]
10 U regverdigheid het ek nie in my hart bedek nie.[o]
U getrouheid en u redding het ek bekend gemaak.[p]
Ek het nie u liefderyke goedhartigheid en u waaragtigheid verberg in die groot gemeente nie."[q]
11 U, o Jehovah, moet u ontferming nie van my weerhou nie.[r]

Laat u liefderyke goedhartigheid en u waaragtigheid my voortdurend bewaar.[a]
12 Want rampspoede het my omring totdat hulle nie meer getel kon word nie.[b]
Meer van my oortredings het my ingehaal as wat ek kon sien;[c]
Hulle het talryker geword as die hare van my kop,[d]
En my hart het my verlaat.[e]
13 Laat dit u behaag, o Jehovah, om my te verlos.[f]
O Jehovah, snel my tog te hulp.[g]
14 Laat dié wat my siel soek om dit weg te vee,[h]
Saam beskaamd staan en verleë wees.[i]
Laat dié wat in my rampspoed behae skep, agteruitwyk en verneder word.[j]
15 Laat dié wat vir my sê: "Ha! Ha!"[k]
As gevolg van hulle skaamte in verbasing staar.[l]
16 Laat almal wat u soek,[m]
Hulle in u verheug en verbly.[n]
Laat dié wat redding deur u liefhet,[o]
Voortdurend sê: "Mag Jehovah groot gemaak word."[p]
17 Maar ek is geteisterd en arm.[q]
Jehovah neem my in aanmerking.[r]
U is my hulp en die Een wat aan my ontkoming verskaf.[s]
O my God, moenie te laat wees nie.[t]

HFST. 40
a Ps 43:3 Ps 57:3 Ps 61:7
b Ps 71:20
c Ps 38:4
d Ps 69:4
e Ps 73:26
f Ps 25:17
g Ps 38:22 Ps 50:15 Ps 70:1
h Mt 21:38
i Ps 31:17 Ps 35:4 Ps 70:2 Ps 71:13
j Ps 9:3
k Ps 35:25
l Ps 70:3 Ps 73:19
m De 4:29 Ps 70:4
n Ps 13:5 Ps 68:3
o Ps 3:8 Ps 85:9
p Ps 35:27 Lu 1:46
q Ps 70:5
r 1Pe 5:7
s Ps 54:4 Jes 50:7 Heb 13:6
t Ps 143:7

Tweede kol.

HFST. 41
a De 15:7 Ps 112:9 Spr 14:21 Spr 22:9
b Ps 37:39
c Ps 145:20 Jer 45:5
d Ps 128:1 Mt 5:7 Lu 1:48
e Ps 27:12 2Pe 2:9
f 2Kn 20:5 Ps 103:3
g Flp 2:27
h Ps 32:5 Ps 51:1
i Ps 6:2 Ps 38:3 Ps 147:3 Spr 28:13
j Ps 102:8
k Ps 12:2 Spr 26:24
l Mt 26:61
m Spr 16:28 Ro 1:29 2Ko 12:20
n Ps 31:13 Ps 56:5
o Ps 101:3
p Ps 3:2 Ps 71:11
q 2Sa 15:12 Job 19:19 Ps 55:13

Vir die musiekleier. 'n Melodie van Dawid.

41 Gelukkig is elkeen wat ag gee op die geringe;[a]
In die dag van rampspoed sal Jehovah aan hom ontkoming verskaf.[b]
2 Jehovah sal hom bewaar en hom in die lewe hou.[c]
Hy sal gelukkig genoem word op die aarde;[d]
En u kan hom onmoontlik aan die siel van sy vyande oorgee.[e]
3 Jehovah sal hom op 'n siekbed onderskraag;[f]
Sy hele bed sal u beslis gedurende sy siekte verander.[g]
4 Wat my betref, ek het gesê: "O Jehovah, betoon guns aan my.[h]
Genees tog my siel, want ek het teen u gesondig."[i]
5 Wat my vyande betref, hulle praat sleg van my:[j]
"Wanneer sal hy sterf en sy naam vergaan?"
6 En as iemand kom om my te sien, sal sy hart onwaarheid spreek;[k]
Hy sal vir hom iets skadeliks bymekaarmaak;
Hy sal uitgaan; buite sal hy daaroor praat.[l]
7 Almal wat my haat, fluister eensgesind onder mekaar teen my;[m]
Hulle bly iets slegs teen my beraam:[n]
8 "Iets waardeloos is op hom uitgestort;[o]
Noudat hy gaan lê het, sal hy nie weer opstaan nie."[p]
9 Ook die man wat in vrede met my gelewe het, op wie ek vertrou het,[q]

Wat my brood geëet het,[a]
het sy hakskeen teen
my groot gemaak.[b]
10 Wat u betref, o Jehovah, betoon guns aan my en
laat my opstaan,[c]
Sodat ek hulle dit kan vergeld.[d]
11 Hieraan weet ek dat u behae
in my het,
Omdat my vyand nie
triomfantlik oor my uitroep nie.[e]
12 Wat my betref, weens my
onkreukbaarheid het u
my ondersteun,[a]
En u sal my tot onbepaalde tyd voor u aangesig
stel.[b]
13 Mag Jehovah, die God van
Israel, geloof word,[c]
Van onbepaalde tyd, ja,
tot onbepaalde tyd.[d]
Amen en Amen.[e]

HFST. 41
a Ob 7
b Mr 14:18 Joh 13:18 Joh 13:26
c Ps 57:1
d Ps 18:37
e Ps 31:8 Ps 124:6 Jer 20:13

Tweede kol.
a Job 1:1 Ps 25:21 Spr 2:7 Spr 10:29
b Ps 34:15 Ps 140:13

c 1Kr 29:10; Lu 1:68; d 1Kr 16:36; Op 7:12; e Ps 72:19; 1Ko 14:16.

## TWEEDE BOEK
(Psalm 42 – 72)

Vir die musiekleier.
Maskil vir die kinders van Korag.[a]

**42** Soos die takbokooi wat na
die waterstrome verlang,
So verlang my siel na u,
o God.[b]
2 My siel dors inderdaad na
God,[c] na die lewende
God.[d]
Wanneer sal ek kom en
voor God verskyn?[e]
3 My trane het dag en nag vir
my voedsel geword,[f]
Terwyl hulle die hele dag
vir my sê: "Waar is jou
God?"[g]
4 Aan hierdie dinge sal ek
dink, en ek sal my siel
in my uitstort.[h]
Want ek het altyd saam
met die menigte voortbeweeg,
Ek het stadig voor hulle
uit na die huis van God
geloop,[i]
Met die stem van vreugdegeroep en danksegging[j]
Van 'n feesvierende skare.[k]
5 Waarom is jy wanhopig, o
my siel,[l]
En waarom is jy onstuimig in my?[m]
Wag op God,[a]
Want ek sal hom nog prys
as my grootse redding.[b]
6 O my God, my siel is wanhopig in my.[c]
Daarom dink ek aan u,[d]
Van die land van die Jordaan en die pieke van
Hermon af,[e]
Van die klein berg af.[f]
7 Waterdiepte roep na waterdiepte
By die geluid van u waterstrome.
Al u branders en u golwe[g]—
Oor my het hulle heengegaan.[h]
8 Bedags sal Jehovah sy liefderyke goedhartigheid
bevel gee,[i]
En snags sal sy lied by my
wees;[j]
Daar sal 'n gebed tot die
God van my lewe wees.[k]
9 Ek sal vir God, my groot
rots,[l] sê:
"Waarom het u my vergeet?[m]
Waarom loop ek bedroef
rond weens die verdrukking van die vyand?"[n]

HFST. 42
a 1Kr 6:37
b Jes 26:8
c Ps 63:1
d De 32:40 Jos 3:10 Jer 10:10 Mt 16:16 1Te 1:9
e Ps 27:4 Ps 84:2
f Ps 80:5 Ps 102:9
g Ps 3:2 Ps 79:10
h Job 30:16 Ps 62:8
i 1Kr 16:1
j De 16:14 Ef 5:19 Kol 3:16
k De 16:16 2Kr 30:23
l Ps 55:4 Mr 14:34
m Ps 43:5

Tweede kol.
a Ps 37:7 Ps 71:14 Klg 3:24 Mi 7:7
b Ps 43:5
c Ps 22:1 Ps 43:5 Spr 12:25 Joh 12:27
d Jon 2:7
e De 3:8
f Ps 48:2 Ps 68:16 Ps 132:13
g Ps 88:7
h Jon 2:3
i De 28:8
j Job 35:10 Ps 32:7 Ps 63:6
k Ps 27:1
l 2Sa 22:2
m Ps 13:1

n Ps 38:6; Ps 43:2; Pr 4:1.

10 Met moord teen my gebeente het dié wat my vyandiggesind is, my gesmaad,[a]
Terwyl hulle die hele dag vir my sê: "Waar is jou God?"[b]
11 Waarom is jy wanhopig, o my siel,[c]
En waarom is jy onstuimig in my?[d]
Wag op God,[e]
Want ek sal hom nog prys as my grootse redding en as my God.[f]

**43** Oordeel my,[g] o God,
En voer tog my regsaak[h] teen 'n nasie wat nie lojaal is nie.
Mag u aan my ontkoming verskaf van die man van bedrog en onregverdigheid.[i]
2 Want u is die God van my vesting.[j]
Waarom het u my verstoot?
Waarom loop ek bedroef rond weens die verdrukking van die vyand?[k]
3 Stuur u lig en u waarheid uit.[l]
Laat dié my lei.[m]
Laat dié my bring na u heilige berg en na u grootse tabernakel.[n]
4 En ek sal na die altaar van God gaan,[o]
Na God, my jubelende blydskap.[p]
En ek sal u op die harp prys, o God, my God.[q]
5 Waarom is jy wanhopig, o my siel,[r]
En waarom is jy onstuimig in my?
Wag op God,[s]
Want ek sal hom nog prys as my grootse redding en as my God.[t]

Vir die musiekleier.
Van die kinders van Korag.[a]
Maskil.

**44** O God, met ons ore het ons gehoor,
Ons voorvaders het ons vertel[b]
Van die dade wat u in hulle dae verrig het,[c]
In die dae van lank gelede.[d]
2 U het met u hand selfs nasies verdryf,[e]
En u het hulle toe daar geplant.[f]
U het volksgroepe verbreek en weggestuur.[g]
3 Want hulle het nie deur hulle eie swaard die land in besit geneem nie,[h]
En hulle eie arm het nie vir hulle redding gebring nie.[i]
Want dit was u regterhand en u arm[j] en die lig van u aangesig,
Omdat u behae in hulle gehad het.[k]
4 U is my Koning, o God.[l]
Gebied grootse redding vir Jakob.[m]
5 Deur u sal ons ons teenstanders omstoot;[n]
In u naam sal ons dié vertrap wat teen ons opstaan.[o]
6 Want ek het nie op my boog bly vertrou nie,[p]
En my swaard het my nie gered nie.[q]
7 Want u het ons van ons teenstanders gered,[r]
En u het dié wat ons intens haat, beskaamd gemaak.[s]
8 Aan God sal ons die hele dag lof bring,[t]
En tot onbepaalde tyd sal ons u naam prys.[u] *Sela.*

**HFST. 42**
a Ps 31:11; Ps 102:8
b Ps 3:2; Ps 79:10; Jl 2:17; Mi 7:10
c Ps 42:5
d Ps 43:5
e Ps 37:7; Ps 71:14
f Ps 42:5

**HFST. 43**
g Ps 7:8; Ps 26:1; Ps 35:24
h 1Sa 24:15; Ps 35:1; Spr 22:23
i Ps 71:4
j Ps 28:7; Ps 140:7
k Ps 42:9
l Job 29:3; Ps 40:11; Spr 6:23
m Ps 5:8; Ps 27:11; Ps 143:10
n 1Kr 16:1; Ps 3:4; Ps 78:68
o Ps 84:3; Heb 13:10
p Jes 61:10
q 2Sa 6:5; Ps 81:2
r Ps 42:5
s Ps 37:7; Ps 71:14
t Ps 42:11

**Tweede kol.**

**HFST. 44**
a 1Kr 6:37
b Eks 13:14; Rig 6:13; Ps 78:3
c Jes 38:19
d Nu 21:14
e De 7:1; Ps 78:55; Ps 105:44
f Eks 15:17; Ps 80:8
g Jos 10:11; Jos 24:12; Ps 135:10; Ps 136:17
h De 4:38; De 8:17
i 1Sa 12:22
j Jes 63:12
k De 7:8
l Ps 24:10; Ps 74:12; Jes 33:22
m Ps 53:6
n Ps 18:39; Flp 4:13
o Ps 60:12
p Ps 20:7; Ps 33:16
q 1Sa 17:45; Ho 1:7
r Jos 24:8
s Ps 40:14; Ps 132:18; t Ps 34:2; u Ps 115:1.

9 Maar nou het u ons verstoot en bly u ons verneder,[a]
En u trek nie saam met ons leërs uit nie.[b]
10 U laat ons voortdurend agteruitwyk vir die teenstander,[c]
En juis dié wat ons intens haat, het hulle deur plunder verryk.[d]
11 U gee ons oor soos skape, as iets om geëet te word,[e]
En onder die nasies het u ons verstrooi.[f]
12 U verkoop u volk vir niks,[g]
En u het geen rykdom verwerf deur die prys vir hulle nie.
13 U maak ons 'n smaad vir ons bure,[h]
'n Bespotting en beskimping vir dié rondom ons.[i]
14 U maak ons 'n spreekwoord onder die nasies,[j]
'n Geskud van die kop onder die volksgroepe.[k]
15 Die hele dag is my vernedering voor my,
En die skaamte van my aangesig het my bedek,[l]
16 Weens die stem van hom wat smaad en beledig,
Weens die vyand en die een wat sy wraak neem.[m]
17 Dit alles het oor ons gekom, en ons het u nie vergeet nie,[n]
En ons het nie bedrieglik gehandel in u verbond nie.[o]
18 Ons hart het nie troueloos agteruitgewyk nie,[p]
En ook wyk ons voetstappe nie van u pad af nie.[q]
19 Want u het ons op die plek van jakkalse verbrysel,[r]
En u oordek ons met diep skaduwee.[s]
20 As ons die naam van ons God vergeet het,
Of ons ons palms na 'n vreemde god uitgestrek het,[a]
21 Sal God dit nie uitvind nie?[b]
Want hy ken die geheime van die hart.[c]
22 Maar om u ontwil is ons die hele dag doodgemaak;
Ons is as slagskape gereken.[d]
23 Ontwaak tog. Waarom bly u slaap, o Jehovah?[e]
Word tog wakker. Moenie vir ewig bly verstoot nie.[f]
24 Waarom verberg u u aangesig?
Waarom vergeet u ons ellende en ons verdrukking?[g]
25 Want ons siel is in die stof neergebuig;[h]
Ons buik het aan die aarde gekleef.
26 Staan tog op om ons te help[i]
En verlos ons ter wille van u liefderyke goedhartigheid.[j]

Vir die musiekleier, op "Die lelies". Van die kinders van Korag. Maskil. 'n Lied van die geliefde vroue.

**45** My hart is geroer deur 'n aangename saak.[k]
Ek sê: "My werke is in verband met 'n koning."[l]
Mag my tong die stif[m] van 'n vaardige kopiïs[n] wees.
2 U is inderdaad mooier as die mensekinders.[o]
Minsaamheid is op u lippe uitgestort.[p]
Daarom het God u tot onbepaalde tyd geseën.[q]
3 Gord u swaard[r] aan u heup, o magtige,[s]
Met u waardigheid en u prag.[t]

HFST. 44
a Ps 43:2 Ps 74:1
b Ps 60:10
c De 28:25 Jos 7:8 1Sa 31:1
d Ps 89:41 Jer 15:13
e Ps 119:176 Ro 8:36
f De 28:64
g De 32:30 Jes 52:3
h Ps 79:4 Ps 80:6
i Ps 123:4
j De 28:37 2Kr 7:20 Jer 24:9
k Klg 2:15
l Jer 51:51
m Ps 8:2
n De 6:12
o Eks 34:10
p Heb 3:12
q Job 23:11 Ps 119:157
r Jes 34:13 Jes 35:7
s Ps 23:4

Tweede kol.
a Eks 20:3
b Ps 139:1 Jer 17:10
c Pr 12:14
d Ps 79:2 Ro 8:36
e Ps 7:6 Ps 78:65
f Job 13:24 Ps 13:1 Ps 88:14
g Jes 40:27
h Ps 119:25 Jes 51:23
i Ps 33:20
j Ps 26:11 Ps 130:7

HFST. 45
k Ps 49:3
l Ps 2:6 1Pe 1:11
m 2Sa 23:2 Jes 8:1 Jer 8:8
n Esr 7:6
o Hgl 5:10
p Joh 7:46
q Ps 72:17
r Op 1:16 Op 19:15
s Jes 9:6
t Heb 1:3

4 En gaan in u prag voort tot sukses;[a]
Ry ter wille van waarheid en nederigheid en regverdigheid,[b]
En u regterhand sal u in vreesinboesemende dinge onderrig.[c]
5 U pyle is skerp—volke bly onder u val[d]—
In die hart van die vyande van die koning.[e]
6 God is u troon tot onbepaalde tyd, ja, vir ewig;[f]
Die septer van u koningskap is ’n septer van reg.[g]
7 U het regverdigheid liefgehad[h] en u haat goddeloosheid.[i]
Daarom het God, u God,[j] u met vreugdeolie[k] gesalf,[l] meer as u metgeselle.[m]
8 Al u klere is mirre en aalwynhout en kassia;[n]
Vanuit die grootse ivoorpaleis[o] het snaarinstrumente u bly gemaak.
9 Die dogters[p] van konings is onder u kosbare vroue.
Die koninklike gemalin[q] het aan u regterhand gaan staan in goud van Ofir.[r]
10 Luister, o dogter, en kyk, en neig u oor;
En vergeet u volk en u vader se huis.[s]
11 En die koning sal na u skoonheid verlang,[t]
Want hy is u heer;[u]
Buig u dus voor hom neer.[v]
12 Die dogter van Tirus ook met ’n geskenk[w]—
Die rykes van die volk sal u aangesig versag.[x]
13 Die koning se dogter is die ene heerlikheid in die huis;[y]

HFST. 45
a Op 6:2
b Op 19:11
c Op 6:15
d Ps 2:9; 2Te 1:8
e Op 17:14; Op 19:19
f Ps 89:29; Ps 89:36
g Jes 11:4; Jer 33:15; Heb 1:8
h Mt 3:15; Heb 7:26
i Mt 7:23; Heb 1:9
j Joh 20:17
k Ps 21:6
l Jes 61:1; Han 4:27; Han 10:38
m 1Kr 29:23; 2Kr 13:5; 2Kr 13:8; Mt 1:6
n Hgl 1:3; Hgl 4:14
o 1Kn 22:39
p Jes 60:4
q Op 19:7
r Jes 13:12
s Hgl 2:10; Op 14:4
t Hgl 1:8; Hgl 2:2
u Ef 5:23; Jud 4
v 1Kn 1:16; Flp 2:10
w 2Sa 5:11
x Ps 72:10; Jes 49:23
y Op 19:7

Tweede kol.
a Op 19:8; Op 21:2
b Hgl 2:7; Hgl 5:9; Hgl 6:1
c Mt 1:1
d Jes 9:6
e Jes 32:1
f Ps 72:17

HFST. 46
g 1Kr 6:37
h Ps 62:7; Spr 14:26; Jes 25:4
i De 4:7; Ps 145:18; Na 1:7
j 2Pe 3:10
k Jes 54:10
l Ps 93:4; Jer 5:22
m Rig 5:5; Mi 1:4; Na 1:5
n 2Kr 6:6; Ps 48:1; Jes 60:14
o Ps 43:3
p De 23:14; Ps 132:13; Jes 12:6; Ho 11:9

Haar klere het goue borduurwerk.
14 In geweefde klere sal sy na die koning toe gelei word.[a]
Die maagde in haar gevolg as haar metgeselle word na u toe gebring.[b]
15 Hulle sal met blydskap en vreugde gebring word;
Hulle sal in die paleis van die koning ingaan.
16 In die plek van u voorvaders[c] sal u seuns wees,[d]
Wat u as vorste op die hele aarde sal aanstel.[e]
17 Ek sal melding maak van u naam in alle toekomstige geslagte.[f]
Daarom sal volke u prys tot onbepaalde tyd, ja, vir ewig.

Vir die musiekleier.
Van die kinders van Korag,[g]
op “Die meisies”. ’n Lied.

**46** God is vir ons ’n toevlug en sterkte,[h]
’n Hulp wat gedurende benoudhede maklik gevind kan word.[i]
2 Daarom sal ons nie vrees nie, al ondergaan die aarde ’n verandering[j]
En al wankel die berge weg in die hart van die uitgestrekte see;[k]
3 Al is sy waters onstuimig en skuimend,[l]
Al bewe die berge weens die geweld daarvan.[m] *Sela*.
4 Daar is ’n rivier waarvan die strome die stad van God bly maak,[n]
Die heiligste, grootse tabernakel van die Allerhoogste.[o]
5 God is in die stad;[p] dit sal nie wankel nie.[q]

q Heb 12:28.

God sal dit help wanneer die oggend aanbreek.[a]
6 Die nasies het onstuimig geraak,[b] die koninkryke het gewankel;
Hy het sy stem laat weerklink, die aarde het gesmelt.[c]
7 Jehovah van die leërs is met ons;[d]
Die God van Jakob is ’n veilige hoogte vir ons.[e] *Sela.*
8 KOM, aanskou die dade van Jehovah,[f]
Hoe hy verbasende dinge op die aarde tot stand gebring het.[g]
9 Hy laat oorloë ophou tot aan die einde van die aarde.[h]
Die boog verbreek hy en die spies kap hy stukkend;[i]
Die waens verbrand hy met vuur.[j]
10 “GEE toe en weet dat ek God is.[k]
Ek sal verhef word onder die nasies,[l]
Ek sal verhef word op die aarde.”[m]
11 Jehovah van die leërs is met ons;[n]
Die God van Jakob is ’n veilige hoogte vir ons.[o] *Sela.*

Vir die musiekleier.
Van die kinders van Korag.
’n Melodie.

**47** Alle volke, klap julle hande.[p]
Roep God triomfantlik toe met die geluid van vreugdegeroep.[q]
2 Want Jehovah, die Allerhoogste, is vreesinboesemend,[r]
’n Groot Koning oor die hele aarde.[s]
3 Hy sal volke onder ons onderwerp[a]
En volksgroepe onder ons voete.[b]
4 Hy sal ons erfdeel vir ons uitkies,[c]
Die trots van Jakob, wat hy liefgehad het.[d] *Sela.*
5 God het opgegaan met gejuig,[e]
Jehovah met die geluid van die horing.[f]
6 BESING God met melodieë, sing melodieë.[g]
Besing ons Koning met melodieë, sing melodieë.
7 Want God is Koning van die hele aarde;[h]
SING melodieë, handel oordeelkundig.[i]
8 God het koning geword oor die nasies.[j]
God het op sy heilige troon gaan sit.[k]
9 Die edeles van die volke het bymekaargekom,[l]
Saam met die volk van die God van Abraham.[m]
Want aan God behoort die skilde van die aarde.[n]
Hy is baie hoog verhewe.[o]

’n Lied. ’n Melodie
van die kinders van Korag.[p]

**48** Jehovah is groot en baie lofwaardig[q]
In die stad van ons God,[r] op sy heilige berg.[s]
2 Mooi weens sy verhewenheid, die vreugde van die hele aarde,[t]
Is die berg Sion aan die afgeleë kante van die noorde,[u]
Die stad van die Grootse Koning.[v]
3 In sy woontorings het God bekend geword as ’n veilige hoogte.[w]

**HFST. 46**
a Eks 14:24; Ps 30:5; Ps 143:8
b Ps 2:1
c Jos 2:24; Am 9:5
d Jos 1:9; Jer 1:19; Ro 8:31
e Ps 9:9
f Ps 66:5
g Jes 34:2
h Jes 11:9; Mi 4:3
i Ese 39:9
j Mi 5:10
k Hab 2:20
l Jes 2:11
m 1Kr 29:11; Ps 57:5; Jer 16:19
n 2Kr 20:17
o Ps 48:3; Ps 125:2

**HFST. 47**
p 2Kn 11:12; Ps 98:4; Jes 55:12
q Esr 3:11; Ps 33:3
r De 7:21; Ne 1:5; Ps 76:12
s Ps 22:28; Mal 1:14

**Tweede kol.**
a Ps 18:47
b De 33:29
c De 9:5
d De 7:6; Mal 1:2
e Ps 68:24
f 1Kr 15:24
g 1Kr 16:9; Ps 68:32
h Jer 10:7; Sag 14:9
i 1Ko 14:15
j 1Kr 16:31; Ps 96:10; Ps 97:1; Op 19:6
k Op 4:2
l Ps 110:3
m Ro 4:12; Ga 3:29
n Ps 89:18
o Ps 97:9

**HFST. 48**
p Ps 42:Ops
q Ne 9:5; Ps 89:1; Ps 145:3; Ps 147:5
r Ps 46:4; Ps 87:3
s Sag 8:3
t Ps 50:2; Klg 2:15
u Jes 14:13
v Ps 47:8; Ps 135:21; Mt 5:35
w Ps 125:1; Sag 2:5

4 Want kyk! die konings het volgens afspraak byeengekom,[a]
Hulle het saam verbygetrek.[b]
5 Hulle het gesien; en daarom was hulle verbaas.
Hulle het ontsteld geraak, hulle is in paniek op die vlug gejaag.[c]
6 Bewing het hulle daar aangegryp,[d]
Geboortepyne soos dié van 'n vrou wat geboorte gee.[e]
7 Met 'n oostewind laat u die skepe van Tarsis vergaan.[f]
8 Net soos ons gehoor het, so het ons gesien[g]
In die stad van Jehovah van die leërs, in die stad van ons God.[h]
God sal dit tot onbepaalde tyd stewig vestig.[i] *Sela*.
9 Ons het oor u liefderyke goedhartigheid gepeins, o God,[j]
In u tempel.[k]
10 Soos u naam,[l] o God, so is u lof
Tot aan die grense van die aarde.
U regterhand is vol regverdigheid.[m]
11 Laat die berg Sion[n] hom verbly,
Laat die afhanklike dorpe van Juda bly wees[o] weens u regterlike beslissings.[p]
12 GAAN rondom Sion en trek daaromheen,[q]
Tel sy torings.[r]
13 Rig julle hart op sy skans.[s]
Besigtig sy woontorings,
Sodat julle dit aan die toekomstige geslag kan vertel.[t]
14 Want hierdie God is ons God tot onbepaalde tyd, ja, vir ewig.[a]
Hy sal ons lei totdat ons sterf.[b]

Vir die musiekleier.
Van die kinders van Korag.[c]
'n Melodie.

**49** Hoor dit, alle volke.
Luister, alle bewoners van die stelsel van dinge,[d]
2 O kinders van die mensdom asook kinders van manne,
Die ryke en die arme tesame.[e]
3 My mond sal wyse dinge spreek,[f]
En die bepeinsing van my hart sal oor verstandige dinge wees.[g]
4 Tot 'n spreuk sal ek my oor neig;[h]
Op 'n harp sal ek my raaisel ontvou.[i]
5 Waarom sou ek bang wees in dae van kwaad,[j]
Wanneer die oortreding van my verdringers my omring?[k]
6 Dié wat op hulle middele vir lewensonderhoud vertrou[l]
En wat oor die oorvloed van hulle rykdom bly roem,[m]
7 Nie een van hulle kan ooit selfs 'n broer loskoop[n]
Of aan God 'n losprys vir hom gee nie
8 (En die loskoopprys vir hulle siel is so kosbaar[o]
Dat dit tot onbepaalde tyd ontbreek),
9 Sodat hy nog vir ewig sou lewe en die kuil nie sou sien nie.[p]
10 Want hy sien dat selfs die wyses sterf,[q]

HFST. 48
a 2Sa 10:6 2Sa 10:19
b Op 19:19
c Eks 14:25
d Eks 15:15 Jes 13:8 Da 5:6
e Jer 30:6 Ho 13:13
f 1Kn 22:48 Jes 2:16 Jer 18:17 Ese 27:26
g Ps 44:1
h Ps 48:1 Heb 12:22
i Ps 87:5 Jes 2:2 Mi 4:1
j Ps 26:3 Ps 40:10 Ps 63:3
k 1Sa 3:3 2Sa 7:2 1Kr 16:1 Ps 63:2
l De 28:58 Ps 113:3
m Rig 5:11 Ps 17:7 Ps 60:5 Ps 98:2
n Ps 78:68 Jl 2:32
o Ps 97:8
p 2Kr 20:27 Ps 137:8 Op 15:4
q Ne 12:31
r Ne 12:39 Jes 33:18
s Jes 26:1
t De 11:19

Tweede kol.
a Ps 31:14
b Jes 58:11

HFST. 49
c 1Kr 6:37
d Ps 17:14 Heb 1:2
e Ps 62:9
f Spr 16:23 Pr 10:12
g Ps 143:5 Spr 14:33 Mt 12:35 Flp 4:8
h Ps 78:2 Mt 13:35
i Spr 1:6
j Ps 27:1 Ef 5:16
k 2Sa 15:12
l De 8:17 Ps 52:7 Spr 10:15 Spr 18:11 1Ti 6:17 1Jo 2:16
m Est 5:11 Jer 9:23 Lu 12:19
n Spr 11:4 Mt 16:26
o Job 36:18
p Ps 89:48
q Pr 2:16 Ro 5:12

Die sot en die redelose kom tesame om,[a]
En hulle sal hulle middele vir lewensonderhoud aan ander nalaat.[b]
11 Hulle innerlike wens is dat hulle huise tot onbepaalde tyd sal wees,[c]
Hulle wonings van geslag tot geslag.[d]
Hulle het hulle grondeiendom na hulle name genoem.[e]
12 En tog kan die mens, al is hy in aansien, nie bly vertoef nie;[f]
Hy is inderdaad soos die diere wat doodgemaak is.[g]
13 Dit is die weg van dié wat dwaas is,[h]
En van dié wat ná hulle kom, wat in hulle woorde behae skep. *Sela.*
14 Soos skape is hulle vir Sjeool bestem;[i]
Die dood sal hulle as herder lei;[j]
En die regskapenes sal hulle in die oggend in onderworpenheid hê,[k]
En hulle gedaante sal wegteer;[l]
Sjeool in plaas van 'n verhewe woning is vir elkeen.[m]
15 Maar God sal my siel uit die hand van Sjeool loskoop,[n]
Want hy sal my ontvang. *Sela.*
16 Moenie bang wees omdat 'n man rykdom verwerf,[o]
Omdat die heerlikheid van sy huis toeneem nie,[p]
17 Want by sy dood kan hy hoegenaamd niks saamneem nie;[q]
Sy heerlikheid sal nie saam met hom afdaal nie.[r]
18 Want gedurende sy lewe het hy sy eie siel bly seën[a]
(En mense sal jou prys omdat jy goed vaar);[b]
19 Sy siel kom uiteindelik net so ver soos die geslag van sy voorvaders.[c]
Nooit weer sal hulle die lig sien nie.[d]
20 Die mens wat nie verstaan nie, al is hy in aansien,[e]
Is inderdaad soos die diere wat doodgemaak is.[f]

'n Melodie van Asaf.[g]

**50** Die Goddelike Wese,[h] God, Jehovah,[i] het gespreek,[j]
En hy roep die aarde,[k]
Van die opgang van die son tot sy ondergang.[l]
2 Uit Sion, die vervolmaking van skoonheid,[m] het God gestraal.[n]
3 Ons God sal kom en kan onmoontlik stilbly.[o]
Voor hom uit verteer 'n vuur,[p]
En rondom hom het die weer baie stormagtig geword.[q]
4 Hy roep na die hemel daar bo en na die aarde[r]
Om oordeel aan sy volk te voltrek:[s]
5 "Versamel my lojales by my,[t]
Dié wat my verbond oor die offerande sluit."[u]
6 En die hemele verkondig sy regverdigheid,[v]
Want God is Regter.[w] *Sela.*
7 "Luister tog, o my volk, en ek sal spreek,[x]
O Israel, en ek sal teen jou getuig.[y]
Ek is God, jou God.[z]

**HFST. 49**
a Pr 3:19
b Ps 39:6; Spr 11:4; Spr 23:4; Pr 2:18; Jer 17:11; Lu 12:20
c Job 21:9; Ps 17:14
d Pr 1:4
e Ge 4:17; 1Sa 15:12; 2Sa 18:18
f Ps 39:5; Jak 1:11
g Pr 3:20
h Lu 12:20
i Job 21:13
j Job 24:19; Ro 5:14; Op 6:8
k Ps 30:5; Mal 4:3
l Ps 39:11
m 1Sa 2:6; Job 7:9
n Job 33:28; Ps 16:10; Ps 30:3; Ps 56:13; Ps 86:13
o Est 3:1
p Est 5:11
q Job 1:21; Pr 5:15; Lu 12:20; 1Ti 6:17
r Jes 10:3

**Tweede kol.**
a De 29:19; Lu 12:19
b Spr 14:20
c Ge 15:15
d Job 33:30; Ps 56:13
e Job 4:21; Ps 49:12; Spr 16:16
f Pr 3:19; 2Pe 2:12

**HFST. 50**
g 1Kr 15:17
h Jos 22:22; Jes 46:9; Jer 32:18
i Ps 95:3
j Am 3:8
k Jes 1:2
l Jes 45:6
m Ps 48:2; Klg 2:15
n De 33:2; Ps 80:1
o Ps 83:1; Jes 42:13; Jes 65:6
p Eks 19:18; Ps 97:3; Da 7:10; Heb 12:29
q Ps 97:4
r De 4:36; De 30:19; De 32:1; Jes 1:2
s Mi 6:2; Heb 10:30

t De 33:3; 2Kr 29:20; Ps 14:7; Spr 2:8; Jes 13:3; u Eks 24:8; Lu 22:20; Joh 11:52; v Ps 97:6; w Ps 7:11; Ps 75:7; Heb 12:23; Op 20:12; x Ps 81:8; y Ne 9:30; z Eks 20:2.

**8** Ek bestraf jou nie oor jou offerandes nie,[a]
Ook nie oor jou heelbrandoffers wat voortdurend voor my is nie.[b]
**9** Ek sal nie ’n bul uit jou huis neem nie,[c]
Bokramme uit jou krale nie.
**10** Want aan my behoort al die wilde diere van die woud,[d]
Die diere op ’n duisend berge.[e]
**11** Ek ken al die voëls van die berge goed,[f]
En die diere wat op die oop veld wemel, is by my.[g]
**12** As ek honger was, sou ek dit nie vir jou sê nie;
Want aan my behoort die vrugbare land[h] en die volheid daarvan.[i]
**13** Sal ek die vleis van sterk bulle eet,[j]
En sal ek die bloed van bokramme drink?[k]
**14** Bring danksegging as jou offerande aan God,[l]
En betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;[m]
**15** En roep my aan in die dag van benoudheid.[n]
Ek sal jou red, en jy sal my verheerlik.”[o]
**16** Maar vir die goddelose sal God moet sê:[p]
“Watter reg het jy om my voorskrifte op te noem[q]
En my verbond in jou mond te neem?[r]
**17** Kyk, jy—jy het dissipline gehaat,[s]
En jy bly my woorde agter jou werp.[t]
**18** Wanneer jy ’n dief gesien het, was jy selfs ingenome met hom;[u]
En jou deel was met die egbrekers.[v]
**19** Jou mond het jy losgelaat in wat sleg is,[a]
En jou tong laat jy aan bedrog vaskleef.[b]
**20** Jy sit en praat teen jou eie broer,[c]
Tot nadeel van die seun van jou moeder verraai jy ’n tekortkoming.[d]
**21** Hierdie dinge het jy gedoen, en ek het stilgebly.[e]
Jy het gedink dat ek gewis soos jy sou word.[f]
Ek gaan jou teregwys,[g] en ek sal sake in orde bring voor jou oë.[h]
**22** Verstaan dit asseblief, julle wat God vergeet,[i]
Sodat ek julle nie verskeur sonder dat daar ’n verlosser is nie.[j]
**23** Die een wat danksegging as sy offerande bring, hy verheerlik my;[k]
En wat die een betref wat op ’n vaste weg bly,
Ek sal hom redding deur God laat sien.”[l]

Vir die musiekleier. ’n Melodie van Dawid. Toe die profeet Natan na hom toe gekom het nadat hy gemeenskap met Bat′seba gehad het.[m]

**51** Betoon guns aan my, o God, ooreenkomstig u liefderyke goedhartigheid.[n]
Wis my oortredings uit ooreenkomstig die oorvloed van u barmhartighede.[o]
**2** Was my deeglik van my ongeregtigheid,[p]
En reinig my selfs van my sonde.[q]

**HFST. 50**
a Ps 40:6; Jes 1:11; Jer 7:22
b 1Sa 15:22; Ho 6:6
c Mi 6:7
d Ge 1:24; 1Kr 29:14; Job 40:15
e Han 17:24
f Ge 1:20; Job 38:41; Ps 104:12; Mt 10:29
g Ps 80:13
h 1Sa 2:8; Ps 24:1; Ps 89:11
i Eks 19:5; De 10:14; Job 41:11; Ps 104:24; 1Ko 10:26
j Ho 14:2
k Mi 6:6
l Ps 69:30; Ps 107:22; Spr 21:3; Ho 6:6; Heb 13:15
m De 23:21; Ps 15:4; Ps 76:11; Pr 5:4; Jon 2:9; Mt 5:33
n 2Kr 33:12; Ps 77:2; Ps 91:15; Lu 22:44
o Ps 22:23; Ps 50:23
p Jes 48:1; Ese 18:27
q Jer 7:4; Mt 7:23; Ro 2:21
r De 29:21; De 31:20; Heb 8:9
s Spr 1:7; Spr 5:12; Heb 12:6
t Ne 9:26; Jes 5:24; Jer 8:9
u Jes 5:23; Ro 1:32; Ro 2:21
v Jak 4:4; 2Jo 11

**Tweede kol.**
a Ps 52:3; Jer 9:5
b Ps 52:2; Jak 3:5
c Le 19:16; Ps 31:18; Lu 22:65
d Mt 10:21
e Pr 8:11; Ro 2:4; 2Pe 3:9
f Nu 23:19; Ps 73:11; Ps 94:7; Pr 8:12
g Spr 29:1
h Ps 50:4; Pr 12:14

**i** Ps 9:17; Jes 51:13; Jer 2:32; Ho 4:6; **j** Ps 7:2; **k** Ps 22:23; Ps 27:6; Ro 12:1; Ef 5:20; 1Te 5:18; Heb 13:15; **l** Ps 91:16; Mi 6:8; Lu 2:30; **HFST. 51** **m** 2Sa 11:3; **n** Nu 14:18; Ps 25:7; Ps 32:10; Ps 41:4; Ps 90:14; Ps 103:11; **o** Ps 39:8; Ps 103:13; Spr 28:13; Jes 43:25; Jes 44:22; **p** Jes 1:18; 1Ko 6:11; **q** Heb 9:14; 1Jo 1:7.

3 Want my oortredings ken ek,[a]
En my sonde is voortdurend voor my.[b]
4 Teen u, u alleen, het ek gesondig,[c]
En wat sleg is in u oë, het ek gedoen,[d]
Sodat u regverdig kan wees wanneer u spreek,[e]
Sodat u rein kan wees wanneer u oordeel.[f]
5 Kyk! In ongeregtigheid is ek met geboortepyne voortgebring,[g]
En in sonde het my moeder my ontvang.[h]
6 Kyk! U het behae geskep in waaragtigheid in die binneste;[i]
En mag u my in my verborge innerlike wysheid laat ken.[j]
7 Mag u my met hisop van sonde reinig, sodat ek rein kan wees;[k]
Mag u my was, sodat ek selfs witter as sneeu kan word.[l]
8 Mag u my verheuging en blydskap laat hoor,[m]
Sodat die gebeente wat u verbrysel het, bly kan wees.[n]
9 Verberg u aangesig vir my sondes,[o]
En wis selfs al my oortredings uit.[p]
10 Skep in my ook ’n suiwer hart, o God,[q]
En plaas in my ’n nuwe, standvastige gees.[r]
11 Moet my nie voor u aangesig wegwerp nie;[s]
En moet tog nie u heilige gees van my af wegneem nie.[t]
12 Gee my tog weer die vreugde van redding deur u,[u]
En mag u my ook met ’n gewillige gees ondersteun.[v]

HFST. 51
a Ps 32:5
b Ps 40:12
c Ge 20:6 Ge 39:9 Le 5:19 2Sa 12:13 Lu 15:21
d 2Sa 12:9 Ps 38:18
e Ps 50:6 Ro 3:4
f Lu 7:29 Op 19:2
g Ge 3:16 Job 14:4 Ro 5:12
h Ro 3:23 Ef 2:3
i 2Kn 20:3 1Kr 29:17
j 1Sa 16:7 1Pe 3:4
k Le 14:4 Nu 19:18 Heb 9:14
l Jes 1:18
m Ps 30:11
n Ps 6:2 Ps 38:3 Jes 57:15
o Ps 103:12 Jes 38:17 Jer 16:17
p Mi 7:19
q Jer 32:39 Han 15:9 Ef 2:10
r Ese 11:19 Ef 4:23
s Ge 4:14 2Kn 13:23 Ps 102:10
t Lu 11:13 Ro 8:9 Ef 4:30
u Ps 21:1 Lu 1:47
v Ps 110:3 Mt 26:41

Tweede kol.
a Han 2:38
b Han 3:19
c Ge 9:6 1Sa 25:34 Ps 26:9 Ese 33:8 Han 18:6 Han 20:26
d Ps 38:22 Ps 88:1 Jes 12:2 Op 7:10
e Ne 9:33 Ps 20:5 Ps 35:28 Ps 59:16 Da 9:7 Ro 10:3
f Ese 3:27
g Ps 34:1 Ps 71:8 Ps 109:30 Ps 145:21 Heb 13:15
h 1Sa 15:22 Spr 21:3 Ho 6:6

13 Ek sal oortreders u weë leer,[a]
Sodat sondaars tot u kan terugkeer.[b]
14 Verlos my van bloedskuld,[c] o God, die God van my redding,[d]
Sodat my tong met vreugde van u regverdigheid kan vertel.[e]
15 O Jehovah, mag u hierdie lippe van my open,[f]
Sodat my mond u lof kan verkondig.[g]
16 Want u skep geen behae in offerande nie—anders sou ek dit gee;[h]
Heelbrandoffers is nie vir u welgevallig nie.[i]
17 Die offerandes aan God is ’n gebroke gees;[j]
’n Gebroke en verbryselde hart, o God, sal u nie verag nie.[k]
18 Doen in u welwillendheid tog goed aan Sion;[l]
Mag u die mure van Jerusalem bou.[m]
19 Dan sal u behae skep in offerandes van regverdigheid,[n]
In brandoffer en heeloffer;[o]
Dan sal bulle op u altaar geoffer word.[p]

Vir die musiekleier. Maskil. Van Dawid, toe die Edomiet Doëg gekom het en Saul meegedeel en vir hom gesê het dat Dawid in die huis van Ahime′leg ingegaan het.[q]

**52** Waarom roem jy oor wat sleg is, o magtige?[r]
Die liefderyke goedhartigheid van God duur die hele dag.[s]

i Ps 40:6; Ps 50:8; Jes 1:11; Jer 7:22; Am 5:22; j 2Kn 22:19; Ps 34:18; Jes 57:15; Lu 18:13; k 2Kr 33:13; Ps 22:24; Ps 119:58; Spr 28:13; Lu 15:22; l Ps 102:16; Jes 62:1; m Da 9:25; Mi 7:11; n Mal 3:3; o Ps 4:5; Ro 12:1; p Ho 14:2; HFST. 52 q 1Sa 22:9; r Ge 10:8; 1Sa 21:7; Ps 94:4; s Ps 103:17.

2 Jou tong, geslyp soos ’n skeermes, beraam teëspoed[a]
En handel bedrieglik.[b]
3 Jy was liewer vir die kwaad as vir die goeie,[c]
Vir die leuen as om regverdigheid te spreek.[d] *Sela.*
4 Jy het alle woorde liefgehad wat verslind,[e]
O bedrieglike tong.[f]
5 God sal jou dan ook vir ewig afbreek;[g]
Hy sal jou neerslaan en jou wegruk uit jou tent,[h]
En hy sal jou beslis ontwortel uit die land van die lewendes.[i] *Sela.*
6 En die regverdiges sal dit sien en bang wees,[j]
En hulle sal oor hom lag.[k]
7 Hier is die man wat God nie sy vesting maak nie,[l]
Maar wat op die oorvloed van sy rykdom vertrou,[m]
Wat skuiling soek in die teëspoed wat hy veroorsaak.[n]
8 Maar ek sal soos ’n blaarryke olyfboom[o] in God se huis wees;
Ek vertrou op die liefderyke goedhartigheid van God tot onbepaalde tyd, ja, vir ewig.[p]
9 Ek sal u tot onbepaalde tyd prys, want u het opgetree;[q]
En ek sal voor u lojales op u naam hoop, want dit is goed.[r]

Vir die musiekleier oor Mahalat.[s] Maskil. Van Dawid.

**53** Die verstandelose het in sy hart gesê:
“Daar is geen Jehovah nie.”[t]
Hulle het verderflik gehandel en het verfoeilik gehandel in onregverdigheid;[a]
Daar is niemand wat goed doen nie.[b]
2 Wat God betref, hy het uit die hemel afgekyk op die mensekinders,[c]
Om te sien of daar iemand bestaan wat insig het, iemand wat Jehovah soek.[d]
3 Hulle het almal teruggedraai, hulle is almal tesame verdorwe;[e]
Daar is niemand wat goed doen nie,[f]
Nie eers een nie.
4 Het nie een van dié wat skadelike dinge beoefen, kennis nie,[g]
Dié wat my volk opeet soos hulle brood geëet het?[h]
Hulle het nie eens Jehovah aangeroep nie.[i]
5 Daar is hulle met groot angs vervul,[j]
Waar daar geen angs was nie;[k]
Want God sal beslis die beendere verstrooi van almal wat teen jou kamp opslaan.[l]
Jy sal hulle beslis beskaamd maak, want Jehovah het hulle verwerp.[m]
6 Ag, as die grootse redding van Israel maar uit Sion sou kom![n]
Wanneer Jehovah die gevangenes van sy volk laat terugkeer,[o]
Laat Jakob dan bly wees, laat Israel hom verbly.[p]

**HFST. 52**
a Ps 50:19 Ps 57:4 Ps 59:7 Ps 64:3
b Ps 109:2 2Ko 11:13
c Jer 4:22 Mi 3:2
d Ps 62:4 Jer 9:3 Joh 8:44
e 1Sa 22:18
f Spr 14:25 Jak 3:6 1Pe 3:10
g Ps 55:23 Spr 12:19 Spr 15:25 Spr 19:9
h Ps 28:5 Ps 37:9
i Spr 2:22
j Ps 37:34 Ps 40:3 Ps 119:120 Mal 1:5 Op 19:2
k Ps 58:10 Jes 37:22 Op 18:20
l Ps 146:3 Jer 17:5
m Ps 49:6 Spr 11:28 Spr 23:5 1Ti 6:17
n Pr 8:8
o Jer 11:16 Ho 14:6
p Ps 13:5 Ps 147:11
q Ps 50:15
r Ps 27:14 Ps 54:6 Ps 123:2 Spr 18:10

**HFST. 53**
s Ps 88:Ops
t Ps 10:4 Ps 14:1 Ps 92:6 Ro 1:21

**Tweede kol.**
a Ge 6:11 Le 18:30 De 32:5
b Ps 14:3 Ro 3:10
c Ps 8:4 Ps 11:4 Ps 33:14 Ps 102:19 Jer 16:17 Jer 23:24
d 1Kr 28:9 2Kr 15:2 2Kr 19:3 Job 28:28 Jes 55:6 1Pe 3:12
e Ge 6:5 Jes 53:6 Jer 8:6 Sef 1:6
f Ge 6:12 Ps 12:1 Ps 14:3 Pr 7:20 Ro 3:12

g Spr 1:29; Jer 4:22; Ho 4:1; h Ps 27:2; Jer 10:25; i Job 21:14; Ps 14:4; j 1Sa 14:15; 2Kn 7:6; Ps 14:5; k Le 26:17; Le 26:36; Spr 28:1; l Ese 6:5; m 2Kn 17:20; Ps 35:4; Jer 6:30; n Ps 20:2; Jes 12:6; o Ps 85:1; Ps 126:1; Jer 30:18; Jl 3:1; Am 9:14; p Esr 3:11; Ne 12:43.

Vir die musiekleier, op snaarinstrumente. Maskil. Van Dawid. Toe die Sifiete gekom en vir Saul gesê het: "Versteek Dawid hom nie by ons nie?"[a]

54 O God, red my deur u naam,[b]
En mag u my regsaak bepleit met u mag.[c]
2 O God, hoor my gebed;[d]
Luister tog na die woorde van my mond.[e]
3 Want vreemdelinge het teen my opgestaan,
En tiranne soek my siel.[f]
Hulle het God nie voor hulle gestel nie.[g] *Sela.*
4 Kyk! God is my helper;[h]
Jehovah is onder dié wat my siel ondersteun.
5 Hy sal my vyande die kwaad vergeld;[i]
Bring hulle in u waaragtigheid tot swye.[j]
6 In gewilligheid wil ek offerandes aan u bring.[k]
Ek sal u naam prys, o Jehovah, want dit is goed.[l]
7 Want uit elke benoudheid het hy my verlos,[m]
En my oog het op my vyande neergesien.[n]

Vir die musiekleier,
op snaarinstrumente. Maskil.
Van Dawid.

55 Luister tog, o God, na my gebed;[o]
En moet u nie vir my versoek om guns verberg nie.[p]
2 Skenk tog aandag aan my en antwoord my.[q]
Ek word rusteloos heen en weer gedryf deur my besorgdheid,[r]
En ek kan nie anders as om ongerustheid te openbaar nie,
3 Vanweë die stem van die vyand, weens die druk van die goddelose.[s]
Want hulle bly op my neerwerp wat skadelik is,[a]
En in toorn is hulle my vyandiggesind.[b]
4 My hart krimp in my ineen van pyn,[c]
En die verskrikkinge van die dood het op my geval.[d]
5 Vrees, ja, bewing kom oor my,[e]
En siddering bedek my.
6 En ek bly sê: "Ag, as ek maar vlerke soos 'n duif gehad het![f]
Ek sou wegvlieg en elders woon.[g]
7 Kyk! Ek sou ver wegvlug;[h]
Ek sou in die wildernis vertoef.[i]—*Sela*—
8 Ek sou my haas na 'n plek van ontkoming vir my,
Teen die voortstuwende wind, teen die storm."[j]
9 Verwar, o Jehovah, verdeel hulle tong,[k]
Want ek het geweld en getwis in die stad gesien.[l]
10 Dag en nag gaan hulle daaromheen op sy mure;[m]
En skadelikheid en moeite is daarbinne.[n]
11 Teëspoed is daarbinne;
En onderdrukking en bedrog het nie van sy openbare plein gewyk nie.[o]
12 Want dit was nie 'n vyand wat my gesmaad het nie;[p]
Anders sou ek dit kon verdra.
Dit was nie iemand wat my intens haat wat hom baie groot teen my gehou het nie;[q]
Anders sou ek my vir hom kon verberg.[r]

HFST. 54
a 1Sa 23:19; 1Sa 26:1
b Ps 20:1; Ps 79:9; Spr 18:10
c Ps 43:1; Ps 99:4; Spr 23:11; Jer 50:34
d Ps 13:3; Ps 65:2; Ps 84:8; Spr 15:29
e Ps 130:2
f Ps 22:16; Ps 59:3; Ps 86:14
g Ps 36:1; Ps 53:4; Joh 16:3
h 1Kr 12:18; Ps 118:6; Ro 8:31; Heb 13:6
i Ro 12:19; 2Ti 4:14
j Ps 143:12
k Ps 50:14; Ps 107:22; Ps 116:17; Heb 13:15
l Ps 7:17; Ps 52:9
m 2Sa 4:9; Ps 34:19; Ps 37:39; 2Ti 4:18
n Ps 37:34; Ps 59:10; Ps 91:8; Ps 92:11

HFST. 55
o Ps 5:1; Ps 80:1; Ps 84:8; 1Pe 3:12
p Ps 28:2; Ps 143:7
q Ps 17:1
r Jes 38:14
s Ps 54:3

Tweede kol.
a 2Sa 15:3
b 2Sa 16:7; Ho 9:7
c Ps 69:29
d Ps 18:4; Ps 116:3; Jes 38:10
e Ps 119:120
f Ps 11:1
g Ps 139:9; Op 12:14
h 2Sa 15:14
i 1Sa 23:14; Jer 9:2
j Jes 17:13
k Ge 11:9; 2Sa 15:31; 2Sa 17:7
l Jes 1:21; Jer 5:1; Jer 6:7
m 1Sa 19:11; 2Sa 17:1; Joh 18:3; Joh 18:28; Han 9:24
n Ese 9:4; Sef 3:3; o Ps 109:2; Jer 9:5; Am 5:10; p Ps 41:9; q Ps 35:26; Ps 38:16; Mt 26:21; r Joh 13:18.

13 Maar dit was jy, ’n sterflike mens wat my gelyke was,[a]
Iemand met wie ek vertroulik omgegaan het en wat ’n kennis van my was,[b]
14 Want ons het aangename intimiteit met mekaar geniet;[c]
Na die huis van God het ons saam met die menigte geloop.[d]
15 Laat verwoestings oor hulle kom![e]
Laat hulle lewend in Sjeool afdaal;[f]
Want gedurende hulle vreemdelingskap was daar slegte dinge in hulle.[g]
16 Wat my betref, tot God sal ek roep;[h]
En Jehovah sal my red.[i]
17 Saans en soggens en smiddags kan ek nie anders as om besorgdheid te toon nie, en ek kerm,[j]
En hy hoor my stem.[k]
18 Hy sal my siel beslis verlos en dit vrede gee van die stryd wat daar teen my is,[l]
Want in menigtes het hulle teen my gekom.[m]
19 God sal hoor en hulle antwoord,[n]
Ja, Hy wat op die troon sit soos in die verlede[o]
—*Sela*—
Hulle by wie daar geen veranderinge is nie[p]
En wat God nie gevrees het nie.[q]
20 Hy het sy hande uitgesteek teen dié wat in vrede met hom verkeer het;[r]
Hy het sy verbond ontheilig.[s]
21 Gladder as botter is die woorde van sy mond,[t]
Maar sy hart is geneig om te veg.[a]
Sy woorde is sagter as olie,[b]
Maar hulle is ontblote swaarde.[c]
22 Werp jou las op Jehovah,[d]
En hy sal jou onderskraag.[e]
Nooit sal hy die regverdige laat wankel nie.[f]
23 Maar u, o God, sal hulle in die diepste kuil laat afdaal.[g]
Wat manne van bloedskuld en bedrog betref, hulle sal hulle dae nie tot op die helfte bring nie.[h]
Maar wat my betref, ek sal op u vertrou.[i]

Vir die musiekleier, op die “Stil duif” onder dié wat ver is. Van Dawid. Miktam. Toe die Filistyne hom in Gat gegryp het.[j]

**56** Betoon guns aan my, o God, want die sterflike mens het na my gehap.[k]
Hy voer die hele dag oorlog en bly my verdruk.[l]
2 My vyande het die hele dag bly hap,[m]
Want daar is baie wat hooghartig teen my oorlog voer.[n]
3 Die dag as ek bang word, sal ek op u vertrou.[o]
4 In eenheid met God sal ek sy woord loof.[p]
In God het ek my vertroue gestel; ek sal nie bang wees nie.[q]
Wat kan vlees aan my doen?[r]
5 Die hele dag bly hulle my persoonlike sake benadeel;

HFST. 55
a 2Sa 15:12, 2Sa 16:23, Jer 9:4
b Lu 22:21, Lu 22:48
c Spr 3:32
d Ps 42:4
e Ps 9:6, Ps 59:13, Ps 69:25, Ps 109:15
f Nu 16:30, 2Sa 17:23, 2Sa 18:14, Mt 27:5, Han 1:18
g Ps 9:17, Joh 12:6
h Ps 73:28
i Ps 50:15, Ps 91:15
j Ps 88:1, Ps 119:147, Da 6:10, Mr 1:35, 1Te 5:17
k Ps 5:3
l 2Sa 4:9
m 2Kr 32:7, Ps 3:6, Ps 118:12, Mt 26:47
n Ps 69:33, Ps 143:12
o De 33:27, Ps 90:2, Jer 10:10
p Pr 8:11, Jer 48:11
q Ps 36:1, Sef 1:12
r 2Sa 15:14, Ps 7:4, Han 12:1
s 2Sa 5:3, Pr 8:2
t 2Sa 16:23, Ps 28:3, Ps 57:4, Ps 59:7, Ps 62:4, Mt 26:25

Tweede kol.
a Joh 13:2
b Spr 5:3
c Ps 59:7, Spr 12:18
d Ps 37:5, Ps 43:5, Jes 50:10, Flp 4:6, 1Pe 5:7
e 1Sa 2:9, Ps 68:19, 1Pe 1:5
f Ps 16:8, Ps 37:24, Ps 62:2, Ps 121:3
g Ps 55:15
h Ps 5:6, Spr 10:27, Pr 7:17, Mt 27:5
i Ps 56:11, Ps 115:11

HFST. 56
j 1Sa 21:10

k Ps 57:3; Ps 124:2; l Ps 27:2; Ps 124:3; m Ese 36:3; n Ps 3:1; Ps 54:5; Han 4:27; o 1Sa 21:12; Ps 18:2; p Ps 56:10; Ps 119:160; q Ps 27:1; Ps 56:11; Ro 8:31; Heb 13:6; r 2Kr 32:8; Ps 118:6.

Al hulle gedagtes is teen my om kwaad te doen.[a]
6 Hulle val aan, hulle versteek hulle,[b]
Hulle hou my voetstappe dop,[c]
Terwyl hulle op my siel gewag het.[d]
7 Werp hulle weens hulle skadelikheid weg.[e]
Werp selfs die volke in toorn neer, o God.[f]
8 Dat ek ’n vlugteling is, het u neergeskryf.[g]
Sit tog my trane in u leersak.[h]
Is hulle nie in u boek nie?[i]
9 Dan sal my vyande agteruitwyk, op die dag dat ek roep;[j]
Dit weet ek goed, dat God vir my is.[k]
10 In eenheid met God[l] sal ek sy woord loof;
In eenheid met Jehovah sal ek sy woord loof.[m]
11 In God het ek my vertroue gestel. Ek sal nie bang wees nie.[n]
Wat kan die mens aan my doen?[o]
12 Op my, o God, rus geloftes aan u.[p]
Ek sal dankoffers aan u bring.[q]
13 Want u het my siel uit die dood verlos[r]—
Het u nie my voete teen struikeling bewaar nie?[s]—
Sodat ek in die lig van die lewendes voor God kan wandel.[t]

Vir die musiekleier. “Moenie verderf nie.” Van Dawid. Miktam. Toe hy vir Saul in die grot ingevlug het.[u]

**57** Betoon guns aan my, o God, betoon guns aan my,[v]
Want tot u het my siel sy toevlug geneem;[w]
En in die skaduwee van u vleuels soek ek toevlug totdat die teëspoed verbygegaan het.[a]
2 Ek roep na God, die Allerhoogste, na die ware God wat dit ter wille van my tot ’n einde bring.[b]
3 Hy sal uit die hemel stuur en my red.[c]
Hy sal die een wat na my hap, beslis verwar.[d] *Sela*.
God sal sy liefderyke goedhartigheid en sy waaragtigheid stuur.[e]
4 My siel is te midde van leeus;[f]
Ek kan nie anders as om te gaan lê onder verslinders nie, ja, die mensekinders,
Wie se tande spiese en pyle is[g]
En wie se tong ’n skerp swaard is.[h]
5 O wees verhewe bo die hemele, o God;[i]
Laat u heerlikheid bo die hele aarde wees.[j]
6 ’n Net het hulle vir my voetstappe berei;[k]
My siel is neergeboë.[l]
Hulle het ’n valkuil voor my gegrawe;
Hulle het daarin geval.[m] *Sela*.
7 My hart is standvastig, o God,[n]
My hart is standvastig.
Ek sal sing en melodieë speel.[o]
8 Word tog wakker, o my heerlikheid;[p]
Word tog wakker, o snaarinstrument; ook jy, o harp.[q]

**HFST. 56**
a Jer 18:18
b Ps 10:8; Ps 140:2
c Ps 37:32; Lu 20:20
d Ps 59:3; Ps 71:10
e Ps 92:7
f Ps 55:15; Jer 18:23
g 1Sa 27:1
h Ps 39:12; Ps 126:5
i Ps 139:16; Mal 3:16
j Ps 18:40; Ps 27:2
k Jes 8:10; Ro 8:31
l Jes 45:14; Jer 12:3; Joh 10:38; Joh 17:21
m Ps 56:4
n Ps 27:1; Jes 51:7
o Jes 51:12
p Nu 30:2; Pr 5:4
q Ps 50:23
r Ps 116:8; 2Ko 1:10
s Ps 17:5; Ps 94:18
t Job 3:20; Job 33:30; Ps 116:9

**HFST. 57**
u 1Sa 22:1; 1Sa 24:3; Ps 142:Ops
v Ps 119:77
w Ps 18:2

**Tweede kol.**
a Rut 2:12; Ps 17:8; Ps 63:7
b Jos 23:5; Ps 138:8
c Ps 144:7; Han 12:11
d Ps 56:2; Ese 36:3
e Ps 40:11; Ps 61:7; Joh 1:17
f Ps 22:13; Ps 35:17
g Ps 58:6; Spr 30:14
h Ps 52:2; Ps 55:21; Ps 64:3; Spr 25:18
i Ps 108:5; Ps 113:4
j Nu 14:21; Ps 72:19
k Ps 7:15; Ps 35:7; Ps 140:5; Spr 29:5
l Ps 42:6
m 1Sa 24:4; Ps 9:15; Ps 141:10; Spr 26:27; Spr 28:10

n Ps 112:7; o 1Kr 16:23; Ps 33:3; p Ps 16:9; Ps 30:12; q Ps 108:2.

Ek sal die dagbreek wakker maak.
9 Ek sal u prys onder die volke, o Jehovah;[a]
Ek sal u met melodieë besing onder die volksgroepe.[b]
10 Want u liefderyke goedhartigheid is groot tot aan die hemele,[c]
En u waaragtigheid tot aan die hemelruim.[d]
11 Wees tog verhewe bo die hemele, o God;[e]
Laat u heerlikheid bo die hele aarde wees.

Vir die musiekleier. "Moenie verderf nie." Van Dawid. Miktam.

58 Kan julle in julle stilswye werklik oor regverdigheid praat?[f]
Kan julle in geregtigheid oordeel, o mensekinders?[g]
2 Hoeveel eerder beoefen julle met die hart volslae onregverdigheid op die aarde[h]
En berei julle die weg vir die geweld van julle hande![i]
3 Die goddeloses is al van die moederskoot af verdraaid;[j]
Hulle het van die skoot af rondgedwaal.
Hulle spreek leuens.[k]
4 Hulle gif is soos die gif van die slang,[l]
Doof soos die kobra wat sy oor toestop,[m]
5 Wat nie na die stem van die besweerders sal luister nie,[n]
Hoewel 'n wyse towerspreuke uitspreek.[o]
6 O God, slaan hulle tande uit hulle mond.[p]
Verbreek die kakebene van jong maanhaarleeus, o Jehovah.

HFST. 57
a Ps 9:11; Ps 138:1; Ps 145:12
b Ps 96:3; Ro 15:9
c Ps 36:5; Ps 89:1; Ps 103:11
d Ps 108:4
e Ps 8:1; Ps 57:5

HFST. 58
f 2Sa 23:3; 2Kr 19:6
g Ps 82:2; Pr 5:8
h Pr 3:16; Jer 22:17; Mi 3:9
i Ps 94:20; Jes 10:1
j Ps 51:5; Jes 48:8
k Ps 5:6; Joh 8:44
l Ps 140:3; Ro 3:13; Jak 3:8
m Jes 43:8
n Jes 19:3
o De 18:11
p Ps 3:7

Tweede kol.
a 2Sa 14:14; Ps 112:10
b Ps 64:7
c Job 3:16
d Ps 118:12
e Spr 10:25; Jer 23:19
f Ps 52:6; Ps 64:10; Ps 107:42; Ese 25:17; Op 18:20
g Ps 68:23; Spr 21:18; Op 14:20
h Ps 92:15
i Jes 3:10
j Ps 9:16; Ps 98:9; Heb 10:30

HFST. 59
k 1Sa 19:11
l 1Sa 19:12; Ps 7:1; Ps 18:48; Ps 71:4
m Ps 12:5; Ps 91:14
n Ps 28:3; 2Te 3:2
o 1Sa 19:1; Ps 10:9; Ps 37:32; Ps 38:12; Ps 56:6; Ps 71:10; Joh 7:1; Han 23:21
p Ps 2:2; Han 4:26

7 Laat hulle oplos soos in waters wat wegloop;[a]
Laat hy die boog vir sy pyle span terwyl hulle inmekaarsak.[b]
8 Soos 'n slak wat wegsmelt, loop hy;
Soos 'n misgeboorte van 'n vrou sal hulle beslis nie die son sien nie.[c]
9 Voordat julle potte die brandende doringstruik voel,[d]
Die lewende groene sowel as die een wat brand, sal hy dit soos 'n stormwind wegvoer.[e]
10 Die regverdige sal bly wees omdat hy die wraak aanskou het.[f]
Sy voete sal hy in die bloed van die goddelose was.[g]
11 En die mense sal sê:[h] "Waarlik, daar is vrug vir die regverdige.[i]
Waarlik, daar bestaan 'n God wat op die aarde oordeel."[j]

Vir die musiekleier. "Moenie verderf nie." Van Dawid. Miktam. Toe Saul gestuur en hulle die huis bly bewaak het om hom dood te maak.[k]

59 Verlos my van my vyande, o my God;[l]
Mag u my beskerm teen dié wat teen my opstaan.[m]
2 Verlos my van dié wat skadelike dinge beoefen,[n]
En red my van bloedskuldige manne.
3 Want kyk! hulle het op die loer gelê na my siel;[o]
Sterkes val my aan,[p]
Nie weens enige opstandigheid van my kant of enige sonde van my kant nie, o Jehovah.[q]

q 1Sa 24:11; 1Sa 26:18; Ps 35:19; Ps 69:4.

4 Hoewel daar geen oortreding is nie, hardloop hulle en maak hulle hulle gereed.[a]
Ontwaak tog wanneer ek roep, en kyk.[b]
5 En u, o Jehovah God van die leërs, is die God van Israel.[c]
Word tog wakker om u aandag op al die nasies te rig.[d]
Moenie guns betoon aan enige kwaadwillige verraaier nie.[e] *Sela*.
6 Hulle bly saans terugkeer;[f]
Hulle bly soos 'n hond blaf[g] en gaan oral in die stad rond.[h]
7 Kyk! Hulle laat woorde uit hulle mond borrel;[i]
Swaarde is op hulle lippe,[j]
Want wie luister?[k]
8 Maar u, o Jehovah, sal hulle uitlag;[l]
U sal al die nasies bespot.[m]
9 O my Sterkte, ten opsigte van u sal ek bly waak;[n]
Want God is my veilige hoogte.[o]
10 Die God van liefderyke goedhartigheid teenoor my sal my tegemoetkom;[p]
God sal my op my vyande laat neersien.[q]
11 Moet hulle nie doodmaak nie, sodat my volk dit nie vergeet nie.[r]
Laat hulle deur u lewenskragtigheid rondswerf,[s]
En werp hulle neer, o ons skild, Jehovah,[t]
12 Weens die sonde van hulle mond, die woord van hulle lippe;[u]
En laat hulle gevang word in hulle trots,[v]
Ja, weens die vervloeking en die bedrog wat hulle voortdurend uitspreek.
13 Maak in woede 'n einde aan hulle;[a]
Maak 'n einde aan hulle, sodat hulle daar nie meer is nie;
En laat hulle weet dat God in Jakob heers tot aan die eindes van die aarde.[b] *Sela*.
14 En laat hulle saans terugkeer;
Laat hulle soos 'n hond blaf en oral in die stad rondgaan.[c]
15 Laat hulle ronddwaal op soek na iets om te eet;[d]
Laat hulle nie versadig word of oornag bly nie.[e]
16 Maar wat my betref, ek sal van u sterkte sing,[f]
En soggens sal ek met vreugde van u liefderyke goedhartigheid vertel.[g]
Want u was vir my 'n veilige hoogte[h]
En 'n toevlugsoord in die dag van my benoudheid.[i]
17 O my Sterkte, ek sal u met melodieë besing,[j]
Want God is my veilige hoogte, die God van liefderyke goedhartigheid teenoor my.[k]

Vir die musiekleier, op "Die lelie van herinnering". Miktam. Van Dawid. Ter onderrigting.[l] Toe hy teen A'ram-Nahara'im en Aram-Soba oorlog gevoer het en Joab teruggekeer en Edom in die Soutvallei verslaan het, ja, twaalfduisend man.[m]

**60** O God, u het ons verstoot, u het deur ons gebreek,[n]
U het vertoornd geword. U moet ons herstel.[o]
2 U het die aarde laat bewe, u het dit oopgekloof.[p]

HFST. 59
a Spr 1:16, Han 23:15
b Ps 35:23
c De 33:29
d Ps 9:15
e Spr 2:22, Spr 13:2
f 1Sa 19:11
g Ps 22:16
h Ps 59:14
i Mt 12:34
j Ps 57:4, Ps 64:3, Spr 12:18
k Ps 10:11, Ps 73:11, Ese 9:9
l Ps 2:4, Ps 37:13, Spr 1:26
m Ps 33:10
n Ps 18:1, Ps 27:1, Ps 46:1
o Ps 9:9, Ps 62:2
p Ps 6:4, Ps 119:88
q Ps 54:7, Ps 92:11
r Rig 1:6, Pr 9:5
s Ge 4:12, Ese 12:15
t Ge 15:1, De 33:29, Job 40:12, Ps 3:3
u Ps 64:8, Spr 12:13, Spr 18:7
v Spr 8:13, Spr 16:18

Tweede kol.
a Ps 7:9, Jes 63:3
b 1Sa 17:46, Ps 9:16, Ps 83:18
c Ps 59:6
d Ps 109:10
e Jes 56:11
f Job 37:23, Ps 21:13, Ps 106:8, Ps 145:11
g Ps 89:1, Ps 101:1, Ef 1:6
h 1Sa 17:37, Ps 61:3
i Spr 18:10
j Ps 18:1, Jes 12:2
k Ps 59:10

HFST. 60
l De 31:19, 2Sa 1:18
m 2Sa 8:13, 1Kr 18:3
n Ps 44:9, Ps 89:38
o Ps 85:4, Ps 90:13
p Hag 2:7

Heel sy skeure, want dit het gewankel.[a]
3 U het u volk teëspoed laat sien.[b]
U het ons wyn laat drink wat ons laat waggel het.[c]
4 U het aan dié wat u vrees, 'n baken gegee[d]
Om al swenkend te vlug vir die boog. *Sela.*
5 Sodat u geliefdes gered kan word[e]—
Red tog met u regterhand en antwoord ons.[f]
6 God het in sy heiligheid gespreek:[g]
"Ek sal my verheug, ek sal Sigem as 'n deel gee;[h]
En die laagvlakte van Sukkot sal ek afmeet.[i]
7 Gi'lead behoort aan my en Manas'se behoort aan my,[j]
En E'fraim is die vesting van my hoofman;
Juda is my aanvoerderstaf.[k]
8 Moab is my waspot.[l]
Op Edom sal ek my sandaal werp.[m]
Oor Filiste'a sal ek triomfantlik uitroep."[n]
9 Wie sal my na die beleërde stad bring?[o]
Wie sal my sekerlik tot by Edom lei?[p]
10 Is dit nie u, o God, wat ons verstoot het[q]
En wat nie saam met ons leërs uittrek as God nie?[r]
11 Gee ons tog hulp uit benoudheid,[s]
Want redding deur die mens is waardeloos.[t]
12 Deur God sal ons lewenskragtigheid verkry,[u]
En hy sal ons teenstanders vertrap.[v]

**HFST. 60**
a Jer 30:17; Ho 6:1
b Ne 9:32; Ps 71:20; Da 9:12
c Jes 51:17; Jer 25:15; Hab 2:16
d Ps 20:5
e Ps 108:6
f Ps 18:35; Ps 21:8; Ps 118:15; Jes 41:10
g Ps 89:35; Ps 108:7
h Ge 12:6; Jos 1:6
i Jos 13:27
j De 33:17; Ps 108:8
k Ge 49:10
l Nu 24:17; 2Sa 8:2; Ps 108:9
m Nu 24:18; 2Sa 8:14
n 2Sa 8:1
o 2Sa 11:1; 2Sa 12:29; 1Kr 11:16
p 2Sa 8:14
q Ps 44:9; Ps 108:11; Jes 8:17; Jes 12:1
r De 1:42; De 20:4; Jos 7:12
s Ps 25:22; Ps 108:12
t Ps 62:9; Ps 118:8; Ps 146:3
u 2Sa 10:12; Ps 18:32; Ps 108:13
v Ps 44:5; Jes 63:3

**Tweede kol.**

**HFST. 61**
a Ps 5:2; Ps 28:2; Ps 102:1; Ps 130:2
b Ps 17:1; Ps 55:1; Flp 4:6
c 1Kn 8:48; Jon 2:2
d Ps 27:5; Ps 40:2
e Ps 25:20
f 1Sa 17:45; Ps 18:2; Spr 18:10
g Ps 23:6; Ps 27:4
h Ps 17:8; Ps 57:1; Ps 63:7; Ps 91:4
i Ps 65:1
j Ps 115:13; Mal 3:16
k Ps 18:50; Ps 21:4; Ps 72:17

Vir die musiekleier, op snaarinstrumente. Van Dawid.

**61** Hoor tog, o God, my smekende geroep.[a]
Skenk tog aandag aan my gebed.[b]
2 Van die einde van die aarde af sal ek roep, ja, tot u, wanneer my hart swak word.[c]
Mag u my tot op 'n rots lei wat hoër is as ek.[d]
3 Want u was vir my 'n toevlug,[e]
'n Sterk toring teen die vyand.[f]
4 Ek sal vir onbepaalde tye 'n gas in u tent wees;[g]
Ek sal in die skuilplek van u vleuels toevlug soek.[h] *Sela.*
5 Want u, o God, het na my geloftes geluister.[i]
U het aan my die besitting gegee van dié wat u naam vrees.[j]
6 Dae sal u by die dae van die koning voeg;[k]
Sy jare sal wees soos geslag na geslag.[l]
7 Hy sal tot onbepaalde tyd voor God woon;[m]
Beskik tog liefderyke goedhartigheid en waaragtigheid, dat dié hom bewaar.[n]
8 So sal ek vir ewig u naam met melodieë besing,[o]
Sodat ek dag na dag my geloftes kan betaal.[p]

Vir die musiekleier van Jedu'tun. 'n Melodie van Dawid.

**62** Ja, my siel wag in stilte op God.[q]
Van hom kom my redding.[r]

---

l Ps 89:4; m 2Sa 7:16; Ps 41:12; n Ps 40:11; Ps 57:3; Ps 143:12; Spr 20:28; Mi 7:20; o Ps 30:12; Ps 145:1; Ps 146:2; p Ps 65:1; Ps 66:13; Pr 5:4; **HFST. 62** q Ps 33:20; r Ps 3:8; Ps 37:39; Ps 68:19; Jes 12:2.

2 Ja, hy is my rots en my redding, my veilige hoogte;[a]
Ek sal nie grootliks wankel nie.[b]
3 Hoe lank sal julle woes te kere gaan teen die man wat julle wil vermoor?[c]
Julle is almal soos ’n muur wat oorhang, ’n klipmuur wat omgestoot word.[d]
4 Ja, hulle gee raad om iemand van sy waardigheid weg te lok;[e]
Hulle skep behae in ’n leuen.[f]
Met hulle mond seën hulle, maar in hulle binneste spreek hulle ’n vloek uit.[g] *Sela.*
5 Ja, wag stil op God, o my siel,[h]
Want van hom kom my hoop.[i]
6 Ja, hy is my rots en my redding, my veilige hoogte;[j]
Ek sal nie wankel nie.[k]
7 Op God berus my redding en my eer.[l]
My sterk rots, my toevlug is in God.[m]
8 Vertrou te alle tye op hom, o volk.[n]
Stort julle hart voor hom uit.[o]
God is vir ons ’n toevlug.[p] *Sela.*
9 Ja, die mensekinders is ’n asemstoot,[q]
Die mensekinders is ’n leuen.[r]
Wanneer hulle op die weegskaal gesit word, is hulle almal saam ligter as ’n asemstoot.[s]
10 Moenie julle vertroue in kullery stel nie,[t]
En moet ook nie ydel word weens blote roof nie.[a]
As die middele vir lewensonderhoud sou floreer, moet julle nie julle hart daarop sit nie.[b]
11 Een keer het God gespreek, twee keer het ek dít gehoor,[c]
Dat die sterkte aan God behoort.[d]
12 Ook liefderyke goedhartigheid behoort aan u, o Jehovah,[e]
Want u vergeld elkeen volgens sy werk.[f]

’n Melodie van Dawid, toe hy in die wildernis van Juda was.[g]

**63** O God, u is my God, ek bly u soek.[h]
My siel dors na u.[i]
Na u het my vlees met verlange gesmag
In ’n dor en uitgeputte land, waar daar geen water is nie.[j]
2 So het ek u in die heiligdom aanskou,[k]
Toe ek u sterkte en u heerlikheid gesien het.[l]
3 Omdat u liefderyke goedhartigheid beter is as die lewe,[m]
Sal my lippe u prys.[n]
4 So sal ek u gedurende my lewe loof;[o]
In u naam sal ek my palms ophef.[p]
5 Soos met die beste deel, ja, vettigheid, word my siel versadig,[q]
En met lippe van vreugdegeroep bring my mond lof.[r]

**HFST. 62**
a Ps 18:2; Ps 46:7; Ps 62:6
b Ps 37:24; Mi 7:8; 2Ko 4:9
c 1Sa 24:11; Ps 38:12
d Jes 30:13
e Mt 2:8
f Ps 52:3; Spr 6:17; Joh 8:44
g Ps 5:9; Ps 28:3; Ps 55:21
h Ps 43:5; Ps 62:1; Mi 7:7
i Ps 71:5; Ro 15:13; Tit 1:2
j Ps 18:31
k Ps 16:8; Ps 112:6; Spr 10:30
l Ps 3:3; Jer 3:23
m Ps 95:1; Jes 26:4
n Jes 50:10
o 1Sa 1:15
p Ps 46:11; Spr 14:26
q Ps 39:5; Ps 144:4
r 2Sa 15:31; Ps 60:11; Ro 3:4
s Jes 40:15
t Spr 14:31; Jes 30:12

**Tweede kol.**
a Jes 61:8
b De 6:12; Job 31:24; Ps 52:7; Spr 11:4; Spr 11:28; Spr 23:5; Mt 6:19; Mt 6:24; Mr 8:36; Lu 12:15; 1Ti 6:17; 1Jo 2:16
c Job 33:14
d Job 9:4; Ps 63:2; Ps 77:14; Na 1:3; Op 19:1
e Ps 36:7; Ps 86:15; Mi 7:18
f 1Sa 16:7; Job 34:11; Spr 24:12; Jer 32:19; Ese 7:27; Ro 2:6; 2Ko 5:10; Ga 6:7; Kol 3:25; 2Ti 4:14; 1Pe 1:17; Op 20:12; Op 22:12

**HFST. 63** g 1Sa 22:5; 1Sa 23:14; h Eks 15:2; Jes 26:9; i Ps 42:2; Ps 143:6; j Ps 63:Ops; k Ps 77:13; l 1Kr 16:28; Ps 29:1; Ps 96:6; m Ps 30:5; Ps 100:5; n Ps 66:17; Ho 14:2; Heb 13:15; o Ps 145:2; p 1Kn 8:22; Ps 134:2; q Le 7:25; Ps 36:8; Jer 31:14; r Ps 43:4; Ps 71:23; Ps 135:3.

6 Wanneer ek op my rusbed aan u gedink het,[a]
Peins ek gedurende die nagwake oor u.[b]
7 Want u het my gehelp,[c]
En in die skaduwee van u vleuels roep ek met vreugde uit.[d]
8 My siel het u met gehegtheid gevolg;[e]
U regterhand hou my stewig vas.[f]
9 Wat dié betref wat my siel bly soek om dit te verderf,[g]
Hulle sal in die diepste dele van die aarde kom.[h]
10 Hulle sal aan die mag van die swaard oorgelewer word;[i]
Hulle sal bloot die deel van jakkalse word.[j]
11 En die koning sal hom in God verbly.[k]
Elkeen wat by hom sweer, sal roem,[l]
Want die mond van die leuenaars sal toegestop word.[m]

Vir die musiekleier.
'n Melodie van Dawid.

64 Hoor, o God, my stem in my besorgdheid.[n]
Mag u my lewe teen die verskrikking van die vyand bewaar.[o]
2 Mag u my vir die vertroulike gesprekke van die kwaaddoeners verberg,[p]
Vir die beroering van dié wat skadelike dinge beoefen,[q]
3 Wat hulle tong skerp gemaak het net soos 'n swaard,[r]
Wat hulle pyl, bitter woorde, gerig het[s]
4 Om uit verborge plekke op die onberispelike te skiet.[t]
Skielik skiet hulle op hom en vrees nie.[a]
5 Hulle hou by slegte taal;[b]
Hulle praat daarvan om valstrikke te verberg.[c]
Hulle het gesê: "Wie sien dit?"[d]
6 Hulle hou aan om onregverdige dinge uit te dink;[e]
Hulle het 'n goed uitgedinkte, listige plan verberg,[f]
En die binneste van elkeen, ja, sy hart, is diep.[g]
7 Maar God sal skielik met 'n pyl op hulle skiet.[h]
Hulle het wonde opgedoen.[i]
8 En hulle laat iemand struikel.[j]
Maar hulle tong is teen hulleself.[k]
Almal wat na hulle kyk, sal hulle kop skud,[l]
9 En alle mense sal bang word;[m]
En hulle sal die dade van God verkondig,[n]
En hulle sal beslis insig in sy werk hê.[o]
10 En die regverdige sal hom in Jehovah verbly en sal inderdaad sy toevlug tot hom neem;[p]
En al die opregtes van hart sal roem.[q]

Vir die musiekleier.
'n Melodie van Dawid. 'n Lied.

65 Vir u is daar lof—stilte—, o God, in Sion;[r]
En aan u moet die gelofte betaal word.[s]
2 O Hoorder van die gebed, ja, tot u sal mense van alle vlees kom.[t]
3 Ongeregtighede was magtiger as ek.[u]

HFST. 63
a Ps 149:5
b Ps 119:55; Ps 119:148
c 1Sa 17:37; Ps 46:1; Ps 54:4
d Ps 5:11; Ps 32:11; Ps 36:7; Ps 57:1; Ps 61:4
e Ps 73:25; Ps 143:6
f Jes 41:10
g Ps 35:4; Ps 40:14
h Nu 16:30; 1Sa 25:29
i 1Sa 26:10; Jer 18:21; Jer 25:31
j Ese 39:4
k Ps 21:1
l De 6:13; Jes 45:23
m Ps 31:18

HFST. 64
n Ps 55:1
o Ps 31:15
p Ps 56:6; Ps 109:2
q Lu 23:18
r Spr 12:18; Spr 30:14
s Ps 11:2; Ps 58:7; Jer 9:8
t Ps 10:8

Tweede kol.
a 1Sa 18:11; 2Sa 15:14
b Nu 22:6
c Spr 1:11; Mt 26:4
d Ps 10:11; Ps 59:7; Ps 94:7; Ese 8:12
e Ps 35:11; Da 6:4
f Ps 140:5; Mt 26:59
g Ps 5:9; Jer 17:9
h De 32:23; Ps 7:12
i 1Kn 22:34; 1Kr 10:3
j Spr 12:13; Mal 2:8; Ro 14:21
k Spr 18:7; Lu 19:22
l Jer 18:16; Op 18:10
m Nu 16:34
n Ps 145:6; Jer 50:28; Jer 51:10
o 1Sa 5:12; Ps 107:43; Ho 14:9
p Ps 32:11; Ps 58:10; Ps 68:3; Flp 4:4
q 1Ko 1:31

HFST. 65 r Ps 76:2; s Ps 56:12; Ps 76:11; Ps 116:18; Pr 5:4; t Ps 145:18; Jes 66:23; Han 10:31; Han 15:17; 1Jo 5:14; u Ps 40:12; Ro 7:23; Ga 5:17.

Wat ons oortredings betref, u sal dit bedek.[a]
4 Gelukkig is die een wat u uitkies en laat nader kom,[b]
Sodat hy in u voorhowe kan woon.[c]
Ons sal beslis versadig word met die goeie van u huis,[d]
Die heilige plek van u tempel.[e]
5 Met vreesinboesemende dinge sal u ons in regverdigheid antwoord,[f]
O God van ons redding,[g]
Die Vertroue van al die grense van die aarde en dié wat ver weg op die see is.[h]
6 Hy grondves die berge stewig met sy krag;[i]
Hy is inderdaad omgord met mag.[j]
7 Hy stil die gedruis van die seë,[k]
Die gedruis van hulle golwe en die gewoel van die volksgroepe.[l]
8 En die bewoners van die verste streke sal bang wees vir u tekens;[m]
U laat die uitgange van die oggend en die aand met vreugde uitroep.[n]
9 U het u aandag op die aarde gerig, sodat u dit oorvloed kan gee;[o]
U verryk dit grootliks.
Die stroom wat van God kom, is vol water.[p]
U berei hulle graan,[q]
Want so berei u die aarde.[r]
10 Sy vore word deurdrenk, sy kluite gelykgemaak;[s]
Met oorvloedige reënbuie maak u dit sag; u seën sy uitspruitsel.[t]
11 U het die jaar met u goedheid gekroon,[u]
En u spore drup van vettigheid.[v]
12 Die weivelde van die wildernis bly drup,[a]
En die heuwels omgord hulleself met vreugde.[b]
13 Die weivelde is met kuddes bekleed,[c]
En die laagvlaktes is in graan gehul.[d]
Hulle roep triomfantlik uit, ja, hulle sing.[e]

Vir die musiekleier.
’n Lied, ’n melodie.

66 Roep God triomfantlik toe, alle bewoners van die aarde.[f]
2 Besing die heerlikheid van sy naam met melodieë.[g]
Verheerlik sy lof.[h]
3 Sê vir God: “Hoe vreesinboesemend is u werke![i]
Weens die oorvloed van u sterkte sal u vyande kruipend na u toe kom.[j]
4 Al die mense van die aarde sal hulle voor u neerbuig,[k]
En hulle sal u met melodieë besing, hulle sal u naam met melodieë besing.”[l] *Sela.*
5 Kom en aanskou die dade van God.[m]
Die wyse waarop hy met die mensekinders handel, is vreesinboesemend.[n]
6 Hy het die see in droë land verander;[o]
Deur die rivier het hulle te voet getrek.[p]
Daar het ons ons in hom begin verbly.[q]
7 Hy heers tot onbepaalde tyd deur sy mag.[r]
Sy oë let op die nasies.[s]
Wat die hardkoppiges betref, laat hulle hulle nie verhef nie.[t] *Sela.*

HFST. 65
a Ps 51:2; Ps 78:38; Ps 79:9; Jes 1:18; Joh 1:29; Heb 9:14; 1Jo 1:7
b Ps 15:1; Ps 135:4
c Ps 27:4; Ps 84:4; Ps 84:10
d Ps 36:8; Ps 63:5
e 1Sa 3:3; 1Kr 16:1
f De 10:21; Ps 47:2; Op 15:3
g Ps 3:8; Ps 68:19
h Ps 22:27; Jes 45:22
i Ps 119:90
j Ps 93:1
k Ps 89:9; Ps 107:29
l Ps 2:1; Jes 17:12; Jes 57:20
m Ps 48:5; Ps 66:3
n Ps 19:5; Ps 148:3
o De 11:12; Ps 104:14; Ps 147:8; Han 14:17
p Ps 46:4
q Ps 104:15; Ps 107:37
r Ge 26:12
s Job 21:33; Job 38:38
t Ps 147:8
u Ge 27:28; De 33:16
v Mal 3:10

Tweede kol.
a Jes 30:23
b Jes 55:12
c Jer 6:3
d Sag 9:17
e Ps 96:11; Jes 35:1; Han 14:17

HFST. 66
f Ps 33:1; Ps 98:4
g Jes 12:5; Op 4:11
h Ne 9:5; Ps 72:19; Ps 96:8
i Eks 15:16; Ps 76:12; Jes 2:19; Jer 10:10
j Ps 81:15
k Ps 22:27; Mal 1:11
l Jes 42:10; Op 15:4
m Ps 46:8
n Ps 66:3; Sef 2:11

o Eks 14:22; Ps 78:13; Ps 106:9; p Jos 3:16; q Eks 15:1; r Da 4:34; 1Ti 1:17; s 2Kr 16:9; Ps 11:4; Ps 33:13; Spr 15:3; Heb 4:13; t De 17:20; Ps 75:4; Jes 37:29.

8 Loof ons God, o volke,[a]
En laat hoor die stem van lof aan hom.[b]
9 Hy plaas ons siel in die lewe,[c]
En hy het nie toegelaat dat ons voet wankel nie.[d]
10 Want u het ons ondersoek, o God;[e]
U het ons gelouter soos 'n mens silwer louter.[f]
11 U het ons in 'n vangnet gebring;[g]
U het druk op ons heupe geplaas.
12 U het die sterflike mens oor ons kop laat ry;[h]
Ons het deur vuur en deur water gekom,[i]
En u het ons uitgelei na verligting.[j]
13 Ek sal met heelbrandoffers in u huis ingaan;[k]
Ek sal aan u my geloftes betaal[l]
14 Wat my lippe geuiter[m]
En my mond gespreek het toe ek in groot nood verkeer het.[n]
15 Heelbrandoffers van vetgemaakte diere sal ek aan u bring,[o]
Saam met die offerrook van ramme.
Ek sal 'n bul saam met bokramme bring.[p] *Sela*.
16 Kom, luister, almal wat God vrees, en ek sal vertel[q]
Wat hy vir my siel gedoen het.[r]
17 Hom het ek met my mond aangeroep,[s]
En daar was lofprysing met my tong.[t]
18 As ek iets skadeliks in my hart beoog het,
Sal Jehovah my nie hoor nie.[u]
19 Waarlik, God het gehoor;[v]
Hy het aandag geskenk aan die stem van my gebed.[a]
20 Mag God geloof word, wat my gebed nie afgewys het nie,
En ook sy liefderyke goedhartigheid nie van my afgewend het nie.[b]

Vir die musiekleier, op snaarinstrumente. 'n Melodie, 'n lied.

**67** God sal aan ons guns betoon en ons seën;[c]
Hy sal sy aangesig oor ons laat skyn[d]
—*Sela*—
2 Sodat u weg bekend kan wees op die aarde,[e]
U redding onder al die nasies.[f]
3 Laat volke u prys, o God;[g]
Laat al die volke u prys.[h]
4 Laat die volksgroepe bly wees en met vreugde uitroep,[i]
Want u sal die volke in geregtigheid oordeel;[j]
En wat volksgroepe betref, op die aarde sal u hulle lei. *Sela*.
5 Laat volke u prys, o God;[k]
Laat alle volke u prys.[l]
6 Die aarde sal beslis sy opbrengs lewer;[m]
God, ons God, sal ons seën.[n]
7 God sal ons seën,[o]
En al die eindes van die aarde sal hom vrees.[p]

Vir die musiekleier. Van Dawid. 'n Melodie, 'n lied.

**68** Laat God opstaan,[q] laat sy vyande verstrooi word,[r]
En laat dié wat hom intens haat, vir hom vlug.[s]

HFST. 66
a De 32:43 Ro 15:10
b Jer 33:11
c 1Sa 25:29 Han 17:28
d 1Sa 2:9 Ps 62:6 Ps 94:18 Ps 121:3
e De 8:2 Ps 17:3
f Jes 48:10 Sag 13:9 Mal 3:3 1Pe 1:7
g Job 19:6 Ho 7:12
h Ps 129:3 Jes 51:23
i 1Te 3:3
j Jes 43:2 Han 14:22
k Nu 15:3 Ps 100:4
l Ps 22:25 Ps 56:12 Ps 116:14 Pr 5:4
m Nu 30:2 Rig 11:35
n 2Sa 22:7
o 1Kr 16:1
p 2Sa 6:13
q Ps 34:11 Mal 3:16
r Ps 22:24
s Ps 30:8 Ps 34:3
t Ps 51:14 Ps 126:2
u Job 27:9 Spr 15:29 Spr 28:9 Jes 1:15 Joh 9:31 Jak 4:3
v Ps 6:9 Ps 34:6 Ps 65:2 Ps 116:1 Klg 3:56 1Jo 3:22

Tweede kol.
a Heb 5:7
b 2Sa 7:15 Ps 86:13

HFST. 67
c Ps 28:9 2Ko 13:14 Ef 1:3
d Nu 6:25 Ps 4:6 Ps 31:16 Ps 119:135 Spr 16:15
e Est 8:17 Ps 98:2 Ro 10:18 Kol 1:23
f Ps 66:1 Ps 98:2 Jes 49:6 Lu 2:30 Han 28:28 Tit 2:11
g Ps 138:4 Ps 142:7
h Ps 44:8
i De 32:43; Jes 42:10; Ro 15:10; j Ps 9:8; Ps 96:10; Ps 98:9; Ro 2:5; k Ps 45:17; l Ps 108:3; Jes 38:19; m Le 26:4; Ps 85:12; Jes 30:23; Ese 34:27; n Ge 17:7; Ps 48:14; Jer 31:1; o Spr 10:22; p Ps 22:27; Op 15:4; HFST. 68 q Nu 10:35; Ps 44:26; r Ps 59:11; Jes 33:3; s De 7:10; Ps 21:8.

2 Mag u hulle verdryf soos rook verdryf word;[a]
Soos was weens die vuur smelt,[b]
Laat die goddeloses so voor God vergaan.[c]
3 Maar wat die regverdiges betref, laat hulle bly wees,[d]
Laat hulle uitgelate wees voor God,[e]
En laat hulle met blydskap jubel.[f]
4 SING tot God, besing sy naam met melodieë;[g]
Hef 'n lied aan vir die Een wat deur die woestynvlaktes ry[h]
As Jah, wat sy naam is;[i] en jubel voor hom;
5 'n Vader van vaderlose seuns en 'n regter van weduwees[j]
Is God in sy heilige woonplek.[k]
6 God laat die eensames in 'n huis woon;[l]
Hy lei gevangenes uit na algehele voorspoed.[m]
Maar wat die hardkoppiges betref, hulle moet in 'n verskroeide land woon.[n]
7 O God, toe u voor u volk uitgetrek het,[o]
Toe u deur die woestyn gestap het[p]—*Sela*—
8 Het die aarde gebewe,[q]
Ook het die hemel gedrup weens God;[r]
Hierdie Sinai het gebewe weens God,[s] die God van Israel.[t]
9 'n Oorvloedige stortreën het u laat val, o God;[u]
U erfdeel, ja, toe dit afgemat was, het u dit weer krag gegee.[v]
10 U tentgemeenskap[w]—hulle het daarin gewoon;[x]
Met u goedheid het u dit vir die geteisterde berei, o God.[a]
11 Jehovah laat die woord hoor;[b]
Die vroue wat die goeie nuus verkondig, is 'n groot leër.[c]
12 Selfs die konings van leërs vlug, hulle vlug.[d]
Wat haar betref wat by die huis bly, sy deel in die buit.[e]
13 Hoewel julle tussen die ashope van die kamp bly lê het,
Sal daar die vlerke van 'n duif wees wat met silwer oorgetrek is
En sy vlerkpunte met geelgroen goud.[f]
14 Toe die Almagtige die konings daarin verstrooi het,[g]
Het dit op Salmon begin sneeu.[h]
15 Die bergstreek van Basan[i] is 'n berg van God;[j]
Die bergstreek van Basan is 'n berg met pieke.[k]
16 Waarom bly julle, o berge met pieke, met afguns kyk na
Die berg wat God vir hom begeer het om daarop te woon?[l]
Ja, Jehovah sal vir ewig daar woon.[m]
17 Die strydwaens van God is tienduisende, duisende en nogmaals duisende.[n]
Jehovah het van Sinai af in die heiligdom ingekom.[o]
18 U het na bo opgegaan;[p]
U het gevangenes weggevoer;[q]
U het gawes in die vorm van mense geneem,[r]

**HFST. 68**
a Jes 9:18; Ho 13:3
b Ps 97:5; Mi 1:4
c Na 1:6; 2Te 1:9
d De 12:12; Ps 32:11; Ps 33:1; Flp 4:4
e Spr 11:10
f Ps 43:4
g Ps 67:4; Jes 12:4
h De 33:26; Ps 18:10; Ps 104:3; Jes 19:1
i Eks 6:3
j Eks 22:22; De 10:18; Ps 10:14; Ps 146:9
k Jes 57:15; Han 7:48
l 1Sa 2:5; Ps 113:9
m Jes 61:1
n De 28:23; Ps 107:34
o Eks 13:21
p Rig 5:5
q Ps 114:4; Ps 114:7; Heb 12:26
r Rig 5:4
s Eks 19:18; De 5:24
t Jes 45:3
u Ps 65:9; Ese 34:26
v De 11:12
w Nu 10:34
x Ps 15:1

**Tweede kol.**
a De 26:5; Lu 1:53
b Ps 40:3
c Eks 15:20; Rig 5:1; Rig 11:34; 1Sa 18:6; Jes 40:9; Han 8:12
d Nu 31:8; Jos 10:16; Jos 12:7; Rig 5:19
e Nu 31:27; 1Sa 30:24
f Ps 105:37
g Nu 21:3; Jos 10:10; Jer 2:3; Jl 1:15
h Rig 9:48
i Nu 21:33; Mi 7:14
j Mt 17:1; Mr 9:2; 2Pe 1:18
k De 3:8; De 3:10; Ps 42:6
l 1Kr 11:5; Ps 48:2; Ps 132:13
m De 12:5; 1Kn 9:3; Heb 12:22
n De 33:2; 2Kn 6:17; Da 7:10; Mt 26:53; Op 5:11; o Eks 19:23; p Ps 47:5; q 2Sa 5:7; Ef 4:8; r 2Sa 24:16; 1Kr 21:15; Ef 4:11.

Ja, selfs die hardkoppiges,[a] om onder hulle te woon,[b] o Jah God.
19 Mag Jehovah geloof word, wat elke dag die vrag vir ons dra,[c]
Die ware God van ons redding.[d] *Sela*.
20 Die ware God is vir ons ’n God van reddingsdade;[e]
En aan Jehovah, die Soewereine[f] Heer, behoort die weë wat uit die dood lei.[g]
21 Waarlik, God sal die kop van sy vyande verbrysel,[h]
Die harige kroon van die kop van enigiemand wat in sy skuld rondwandel.[i]
22 Jehovah het gesê: “Uit Basan sal ek terugbring,[j]
Ek sal hulle terugbring uit die dieptes van die see,[k]
23 Sodat jy jou voet in bloed kan was,[l]
Sodat die tong van jou honde sy deel van die vyande kan hê.”[m]
24 Hulle het u optogte gesien, o God,[n]
Die optogte van my God, my Koning, na die heiligdom.[o]
25 Vooraan het die sangers gegaan, agter hulle die spelers op snaarinstrumente;[p]
Tussenin was die meisies wat tamboeryne slaan.[q]
26 Loof God, Jehovah, in versamelde menigtes,[r]
O julle wat uit die Bron van Israel is.[s]
27 Daar is klein Benjamin, wat hulle onderwerp,[t]
Die vorste van Juda met hulle juigende menigte,
Die vorste van Se′bulon, die vorste van Naf′tali.[u]
28 Jou God het aan jou sterkte bevel gegee.[v]
Toon tog sterkte, o God, u wat vir ons opgetree het.[a]
29 Weens u tempel in Jerusalem[b]
Sal konings aan u geskenke bring.[c]
30 Bestraf die wilde dier van die riete,[d] die vergadering van bulle,[e]
Saam met die kalwers van die volke, wat elkeen stukke silwer vertrap.[f]
Hy het die volke verstrooi wat behae skep in gevegte.[g]
31 Bronsware sal uit Egipte kom;[h]
Kus sal gou sy hande met geskenke na God uitsteek.[i]
32 O koninkryke van die aarde, sing tot God,[j]
Sing melodieë tot Jehovah—*Sela*—
33 Tot die Een wat ry op die hemel der hemele wat uit die ou tyd is.[k]
Kyk! Hy laat sy stem weerklink, ’n sterk stem.[l]
34 SKRYF sterkte aan God toe.[m]
Sy uitnemendheid is oor Israel en sy sterkte in die wolke.[n]
35 God is vreesinboesemend uit sy grootse heiligdom.[o]
Hy is die God van Israel, wat sterkte gee, ja, mag aan die volk.[p]
Mag God geloof word.[q]

Vir die musiekleier, op “Die Lelies”.[r] Van Dawid.

**69** Red my, o God, want die waters het tot by die siel gekom.[s]
2 Ek het in diep modder weggesink, waar daar geen

HFST. 68
a De 2:36; De 7:22; Mt 9:13; 1Ti 1:13
b Ps 15:1; 2Ko 6:16
c Ps 55:22; 1Pe 5:7
d Ps 95:1
e Jes 12:2; Jes 45:17; Ho 1:7
f Da 4:35; Han 4:24
g De 32:39
h Hab 3:13
i Ps 55:23; Ese 18:26; Lu 13:5
j Nu 21:33
k Eks 14:22; Jes 51:10
l Ps 58:10; Jes 63:3
m 1Kn 21:19; 1Kn 22:38; 2Kn 9:33
n Ps 24:7
o 1Kr 13:8
p 1Kr 15:16; Ps 87:7; Ps 150:3
q Eks 15:20; Rig 11:34; 1Sa 18:6; Ps 148:12
r Ps 26:12; Ps 107:32
s Ps 95:6; Jes 44:2; Jer 2:13
t Ge 49:27; 1Sa 9:21
u 1Kr 12:34
v Ps 42:8; Ps 71:3; Jes 40:31

Tweede kol.
a Ps 138:8; Ef 3:20
b 1Sa 3:3; 1Kn 6:1; 1Kr 16:1; Esr 5:14
c 1Kn 10:10; 2Kr 32:23; Ps 72:10
d Job 40:21
e 2Sa 8:5; Ps 22:12; Ese 39:18
f 2Sa 8:2
g Ps 120:7
h Ps 72:9; Jes 45:14; Jes 60:5
i Sef 3:10; Han 8:27
j De 32:43
k Ps 18:10; Ps 104:3
l Ese 10:5
m Ps 29:1; Ps 96:7
n Ps 93:1
o Ps 43:3; Ps 47:2; Ps 66:5; Ps 73:17
p Ps 29:11; Jes 40:31; Sag 10:12

q Ps 72:18; **HFST. 69** r Ps 45:Ops; s Ps 144:7; Klg 3:54; Jon 2:5; Op 12:15.

grond is om op te staan nie.[a]
Ek het in diep waters gekom,
En 'n vloeiende stroom het my weggespoel.[b]
3 Ek het moeg geword vanweë my geroep;[c]
My keel het hees geword.
My oë het ingegee terwyl ek op my God gewag het.[d]
4 Dié wat my sonder oorsaak haat, het selfs meer as die hare van my kop geword.[e]
Dié wat my tot swye bring, wat sonder rede my vyande is, het talryk geword.[f]
Wat ek nie deur roof geneem het nie, het ek toe teruggegee.
5 O God, u het my dwaasheid te wete gekom,
En my skuld is vir u nie verborge nie.[g]
6 Laat dié wat op u hoop, tog nie weens my beskaamd staan nie,[h]
O Soewereine Heer, Jehovah van die leërs.[i]
Laat dié wat u soek, tog nie weens my verneder word nie,[j]
O God van Israel.[k]
7 Want weens u het ek smaad gedra,[l]
Vernedering het my aangesig bedek.[m]
8 Vir my broers het ek iemand geword wat vervreemd is,[n]
En 'n uitlander vir die seuns van my moeder.[o]
9 Want louter ywer vir u huis het my verteer,[p]
En die smaadhede van dié wat u smaad, het op my geval.[q]
10 En ek het gehuil saam met die gevas van my siel,[a]
Maar dit het smaadhede vir my geword.[b]
11 Toe ek saklinne my klere gemaak het,
Het ek vir hulle 'n spreekwoord geword.[c]
12 Dié wat in die poort sit, het hulle aandag op my begin rig,[d]
En ek was die onderwerp van die liedjies van dié wat sterk drank drink.[e]
13 Maar wat my betref, my gebed was tot u, o Jehovah,[f]
In 'n aanneemlike tyd, o God.[g]
Antwoord my, in die oorvloed van u liefderyke goedhartigheid, met die waarheid van redding deur u.[h]
14 Bevry my uit die modder, sodat ek nie wegsink nie.[i]
Laat my tog bevry word van my haters[j] en uit die diep waters.[k]
15 Laat die vloeiende waterstroom my tog nie wegspoel[l]
Of die diepte my verswelg
Of die put sy mond bo my sluit nie.[m]
16 Antwoord my, o Jehovah, want u liefderyke goedhartigheid is goed.[n]
Wend u tot my volgens die veelheid van u barmhartighede,[o]
17 En moet u aangesig nie vir u kneg verberg nie.[p]
Antwoord my gou, omdat ek in groot nood verkeer.[q]
18 Kom tog naby my siel, eis dit terug;[r]
Verlos my weens my vyande.[s]

HFST. 69
a Ps 40:2; Ps 88:6; Jer 38:6
b Ps 32:6; Jon 2:3
c Ps 6:6; Ps 22:2
d Ps 25:21; Ps 119:82; Ps 119:123; Jes 38:14
e Ps 35:19; Lu 23:22; Joh 15:25
f Ps 35:12; Ps 109:3
g Jer 16:17
h Ps 25:3; Ps 35:26
i Ps 24:10
j Jes 49:23
k Ps 72:18; Han 13:17
l Ps 22:6; Ps 44:22; Jer 15:15; Mt 5:11
m Jes 50:6; Jes 53:3; Mt 26:67; Mt 27:29
n Job 19:13; Ps 31:11; Mt 26:56; Joh 1:11; Joh 7:5
o 1Sa 17:28; Mi 7:6
p 1Kn 19:10; Ps 119:139; Mt 21:12; Mr 11:15; Joh 2:17
q Spr 27:11; Ro 15:3

Tweede kol.
a Ps 35:13; Ps 109:24
b Ps 102:8
c 1Kn 9:7; Ps 44:14; Jer 24:9
d Lu 23:2
e Job 30:9; Mr 15:19
f Heb 5:7
g Jes 49:8; Jes 55:6; 2Ko 6:2
h Ps 68:20
i Ps 69:2; Klg 3:55
j Ps 25:19; Ps 35:19
k Ps 144:7
l Jes 43:2
m Nu 16:33; Ps 16:10
n Ps 36:7; Ps 63:3; Ps 109:21
o Ps 25:16; Ps 86:16
p Ps 27:9; Ps 102:2
q Ps 31:9; Ps 40:13; Ps 70:1
r Job 6:23
s Jos 7:9

19 U het my smaad en my skaamte en my vernedering te wete gekom.[a]
Almal wat my vyandiggesind is, is voor u.[b]
20 Smaad het my hart gebreek, en die wond is ongeneeslik.[c]
En ek het bly hoop op iemand wat simpatie sou toon, maar daar was niemand;[d]
En op vertroosters, maar ek het nie een gevind nie.[e]
21 Maar as voedsel het hulle vir my 'n gifplant gegee,[f]
En vir my dors wou hulle my asyn laat drink.[g]
22 Laat hulle tafel voor hulle 'n val word,[h]
En wat vir hulle welsyn is, 'n strik.[i]
23 Laat hulle oë verduisterd word om nie te sien nie;[j]
En laat hulle heupe voortdurend wankel.[k]
24 Stort u veroordeling oor hulle uit,[l]
En laat u brandende toorn hulle inhaal.[m]
25 Laat hulle ommuurde kamp woes word;[n]
Laat daar in hulle tente geen bewoner wees nie.[o]
26 Want hulle het die een vervolg wat deur u geslaan is,[p]
En hulle bly vertel van die pyne van dié wat deur u deurboor is.
27 Voeg tog oortreding by hulle oortreding,[q]
En laat hulle nie in u regverdigheid kom nie.[r]
28 Laat hulle uit die boek van die lewendes uitgewis word,[s]
En laat hulle nie saam met die regverdiges ingeskryf word nie.[t]
29 Maar ek is geteisterd en in pyn.[a]
Laat u redding, o God, my beskerm.[b]
30 Ek sal die naam van God met 'n lied loof,[c]
En ek sal hom met danksegging groot maak.[d]
31 Dít sal vir Jehovah ook welgevalliger wees as 'n bul,[e]
As 'n jong bul met horings en gesplete hoewe.[f]
32 Die sagmoediges sal dit beslis sien; hulle sal bly wees.[g]
Julle wat God soek, laat julle hart ook bly lewe.[h]
33 Want Jehovah luister na die armes,[i]
En hy sal sy gevangenes inderdaad nie verag nie.[j]
34 Laat hemel en aarde hom loof,[k]
Die seë en alles wat daarin beweeg.[l]
35 Want God sal Sion red[m]
En die stede van Juda bou;[n]
En hulle sal beslis daar woon en dit in besit neem.[o]
36 En die nageslag van sy knegte sal dit beërf,[p]
En dié wat sy naam liefhet, sal daarin woon.[q]

Vir die musiekleier. Van Dawid, om in herinnering te bring.[r]

**70** O God, haas u tog om my te verlos,[s]
O Jehovah, snel my tog te hulp.[t]
2 Laat dié wat my siel soek, beskaamd staan en verleë wees.[u]

HFST. 69
a Ps 22:6 Jes 53:3 Heb 12:2
b Joh 8:49
c Ps 42:10
d Ps 142:4 2Ti 4:16
e Job 19:14
f Mt 27:34 Mr 15:23
g Mt 27:48 Mr 15:36 Lu 23:36 Joh 19:29
h Ro 11:9
i 1Pe 2:8
j Jes 6:9 Joh 12:40 Han 28:26 2Ko 3:14
k De 28:65 Ese 29:7 Ro 11:10
l Mt 23:35 1Te 2:16 Op 16:1
m Ps 21:9
n 1Kn 9:8 Jer 7:12 Mt 23:38 Mt 24:2
o Han 1:20
p 2Kr 28:9 Ps 109:16 Jes 53:4 Sag 1:15
q Ps 109:17 Jes 13:11 2Ti 4:14
r Jes 26:10
s Eks 32:33 Op 22:19
t Ese 13:9 Flp 4:3 Op 3:5 Op 13:8

Tweede kol.
a Ps 109:22
b Ps 18:3
c Ps 28:7
d Ps 34:3 Ps 50:23
e Ps 50:13
f Ho 14:2
g Ps 34:2
h Ps 22:26
i Ps 10:17 Ps 102:17 Jes 66:2 Lu 4:18
j Ps 107:10 Ps 146:7 Jes 61:1 Sag 9:11 Han 5:19 Han 12:7
k Ps 19:1 Ps 96:11 Ps 148:1 Jes 44:23 Jes 49:13
l Ps 148:7
m Ps 51:18 Jes 14:32 Jes 44:26
n Jer 33:10 Ese 36:35
o Jer 33:11

p Ps 102:28; Jes 61:9; Jes 66:22; q Ps 91:14; Jak 1:12; HFST. 70 r Ps 38:Ops; s Ps 40:13; t Ps 71:12; u 2Sa 17:2; Ps 6:10; Ps 35:26; Ps 71:13.

Laat dié wat in my rampspoed behae skep, agteruitwyk en verneder word.[a]
3 Laat dié wat sê: "Ha, ha!"[b] teruggaan weens hulle skaamte.
4 Laat almal wat u soek, hulle in u verheug en verbly,[c]
En laat dié wat u redding liefhet, voortdurend sê: "Mag God groot gemaak word!"[d]
5 Maar ek is geteisterd en arm.[e]
O God, tree tog gou vir my op.[f]
U is my hulp en die Een wat aan my ontkoming verskaf.[g]
O Jehovah, moenie te laat wees nie.[h]

71 Tot u, o Jehovah, het ek my toevlug geneem.[i]
Laat my tog nooit beskaamd staan nie.[j]
2 Mag u my in u regverdigheid verlos en aan my ontkoming verskaf.[k]
Neig u oor tot my en red my.[l]
3 Word vir my 'n rotsvesting waar ek voortdurend kan ingaan.[m]
U moet bevel gee om my te red,[n]
Want u is my groot rots en my vesting.[o]
4 O my God, verskaf aan my ontkoming uit die hand van die goddelose,[p]
Uit die palm van die een wat onreg pleeg en verdruk.[q]
5 Want u is my hoop,[r] o Soewereine Heer Jehovah, my vertroue van my jeug af.[s]
6 Op u het ek gesteun van die moederskoot af;[t]
U is die Een wat my selfs van die liggaam van my moeder geskei het.[a]
In u is my lof voortdurend.[b]
7 Ek het vir baie mense net soos 'n wonderwerk geword;[c]
Maar u is my sterk toevlug.[d]
8 My mond is vol van u lof,[e]
Die hele dag deur vol van u luisterrykheid.[f]
9 Moet my nie wegwerp in die tyd van die ouderdom nie;[g]
Moet my nie verlaat juis wanneer my krag ingee nie.[h]
10 Want my vyande het van my gesê,[i]
En dié wat op die loer is vir my siel, het saam raad gehou[j]
11 En gesê: "God het hom verlaat.[k]
Agtervolg en vang hom, want daar is geen verlosser nie."[l]
12 O God, moenie ver van my af bly nie.[m]
O my God, snel my tog te hulp.[n]
13 Laat dié wat my siel teëstaan, beskaamd word, laat hulle aan hulle einde kom.[o]
Laat dié wat rampspoed vir my soek, hulleself met smaad en vernedering bedek.[p]
14 Maar wat my betref, ek sal voortdurend wag,[q]
En ek sal al u lof vermeerder.
15 My mond sal u regverdigheid verkondig,[r]
Die hele dag u redding,[s]

**HFST. 70**
a Ps 35:4
b Ps 35:21; Ps 40:15
c Ps 5:11; Klg 3:25
d Ps 35:27; Lu 1:46
e Ps 40:17; Ps 69:29; Ps 109:22
f Ps 141:1
g Ps 18:2; Ps 40:17
h Ps 13:3

**HFST. 71**
i Ps 25:2; Ps 31:1
j Jes 45:17; Jer 17:18
k Ps 144:2; 1Ko 10:13
l Ps 17:6; Ps 34:15
m Spr 18:10
n Ps 44:4
o 2Sa 22:2; Ps 18:2; Ps 144:2
p 2Sa 17:12; Ps 3:7; Ps 17:9; Ps 59:1; Ps 140:4; Mt 6:13
q 2Sa 19:9
r Ps 39:7
s 1Sa 17:45; Jer 17:7; Lu 2:40; 2Ti 3:15
t Ps 22:9; Jes 46:3

**Tweede kol.**
a Ps 139:16
b Ps 34:1
c Jes 8:18; Sag 3:8; Lu 2:34; Han 4:13; 1Ko 4:9
d Ps 62:7; Ps 142:5; Jer 16:19
e Ps 51:15; Ps 145:21; Heb 13:15
f Ps 35:28; Ps 145:2
g Ps 92:14
h Ps 73:26; Pr 12:3
i 2Sa 17:1
j Ps 83:3; Mt 26:4; Mt 27:1
k Ps 3:2; Ps 42:10; Mt 27:43
l 2Kr 32:13; Ps 7:2; Mt 27:42
m Ps 35:22; Ps 38:21
n Ps 22:11; Ps 70:1
o 2Sa 17:23; Mt 27:5

p 2Sa 18:9; Ps 109:29; q Ps 43:5; r Ps 35:28; Ps 40:9; s Ps 95:1; Op 7:10.

Want ek het hulle getal nie te wete gekom nie.[a]
**16** Ek sal in grootse mag kom,[b] o Soewereine[c] Heer Jehovah;
Ek sal u regverdigheid vermeld, dié van u alleen.[d]
**17** O God, u het my van my jeug af geleer,[e]
En tot nou toe bly ek u wonderlike werke verkondig.[f]
**18** En selfs tot die ouderdom en grysheid toe, o God, moet u my nie verlaat nie,[g]
Totdat ek vir die geslag van u arm kan vertel,[h]
Vir almal wat sal kom, van u mag.[i]
**19** U regverdigheid, o God, is tot in die hoogte;[j]
Wat die groot dinge betref wat u gedoen het,[k]
O God, wie is soos u?[l]
**20** Omdat u my baie benoudhede en rampspoede laat sien het[m]—
Maak my tog weer lewend;[n]
En laat my weer uit die waterdieptes van die aarde opkom.[o]
**21** Mag u my grootheid vermeerder,[p]
En mag u my omring en vertroos.[q]
**22** Ook ek, ek sal u op 'n snaarinstrument prys,[r]
Weens u waaragtigheid, o my God.[s]
Ek sal u met melodieë op die harp besing, o Heilige van Israel.[t]
**23** My lippe sal met vreugde uitroep wanneer ek u met melodieë wil besing,[u]
Ja, my siel, wat u verlos het.[v]
**24** Ook sal my tong die hele dag u regverdigheid op gedempte toon uitspreek,[a]
Want hulle wat rampspoed vir my soek, het beskaamd gestaan, want hulle het verleë geword.[b]

Oor Salomo.

**72** O God, gee u regterlike beslissings aan die koning,[c]
En u regverdigheid aan die seun van die koning.[d]
**2** Laat hy die regsaak van u volk met regverdigheid bepleit,[e]
En van u geteisterdes met regterlike beslissing.[f]
**3** Laat die berge vrede vir die volk dra,[g]
Ook die heuwels, deur regverdigheid.
**4** Laat hy die geteisterdes van die volk oordeel,[h]
Laat hy die kinders van die arme red,
En laat hy die bedrieër verbrysel.
**5** Hulle sal u vrees solank daar 'n son is,[i]
En voor die maan van geslag tot geslag.[j]
**6** Hy sal neerdaal soos die reën op die gesnyde gras,[k]
Soos oorvloedige reënbuie wat die aarde natmaak.[l]
**7** In sy dae sal die regverdige bloei,[m]
En die oorvloed van vrede totdat die maan nie meer is nie.[n]
**8** En hy sal onderdane hê van see tot see[o]

**HFST. 71**
a Ps 40:5; Ps 139:17; Ro 11:33
b Jes 40:31
c Ps 68:20
d Op 15:3
e Ps 71:5
f 2Sa 22:1; 1Kr 16:4; Ps 9:1; Ps 66:16
g 1Sa 4:15; Ps 37:25; Ps 71:9
h Ps 78:4
i Eks 13:8; 1Kr 29:11
j Ps 36:6; Ps 57:10; Ps 89:14
k Ps 86:8; Ps 89:7
l Eks 15:11; Ps 72:18; Ps 86:8; Ps 89:6; Jes 40:18; Jer 10:7
m 2Sa 12:11; Ps 60:3; Ps 66:12; Ps 88:6
n Ps 80:18
o Ps 40:2; Ps 86:13
p 2Sa 3:1; Ps 72:11; Jes 9:7
q 2Ko 1:4
r Ps 92:3; Ps 150:3
s Ps 25:10; Ps 108:4; Ps 138:2; Ps 146:6; Op 15:3
t 2Kn 19:22; Jes 60:9
u Ps 63:5; Ps 104:33
v Ge 48:16; 2Sa 4:9; Ps 103:4

**Tweede kol.**
a De 11:19; Ps 71:8; Spr 10:20
b Ps 35:26; Ps 40:14; Ps 71:13

**HFST. 72**
c 1Kr 22:12; 1Kr 29:19
d Jer 23:5
e 1Kn 3:9; Jes 11:4; Jes 32:1
f 1Kn 3:28
g Ps 85:10; Jes 32:17; Jes 52:7
h Jes 11:4
i Ps 89:36
j Ps 89:37; Lu 1:33; Op 11:15
k Spr 19:12

l 2Sa 23:4; Spr 16:15; Jes 58:11; Ese 34:26; Ho 6:3; m Jes 61:11; n 1Kn 4:25; 1Kr 22:9; Jes 2:4; Jes 9:6; o Eks 23:31; 1Kn 4:21; Ps 2:8; Ps 89:25; Sag 9:10.

En van die Rivier[a] tot aan
die eindes van die aarde.[b]
9 Voor hom sal die bewoners
van waterlose streke
hulle neerbuig,[c]
En sy vyande sal die stof
lek.[d]
10 Die konings van Tarsis en
van die eilande[e]—
Skatting sal hulle betaal.[f]
Die konings van Skeba en
van Seba—
'n Geskenk sal hulle aanbied.[g]
11 En voor hom sal al die konings
hulle neerwerp;[h]
Wat al die nasies betref,
hulle sal hom dien.[i]
12 Want hy sal die arme verlos
wat om hulp roep,[j]
Ook die geteisterde en
elkeen wat geen helper
het nie.[k]
13 Hy sal jammer voel vir die
geringe en die arme,[l]
En die siel van die armes
sal hy red.[m]
14 Van onderdrukking en van
geweld sal hy hulle siel
verlos,
En hulle bloed sal kosbaar
wees in sy oë.[n]
15 En laat hom lewe,[o] en laat
van die goud van Skeba
aan hom gegee word.[p]
En laat daar voortdurend
vir hom gebid word;
Laat hy die hele dag geloof
word.[a]
16 Daar sal volop graan op die
aarde wees;[b]
Op die top van die berge
sal daar 'n oorvloed
wees.[c]
Sy vrug sal wees soos op die
Libanon,[d]
En dié wat uit die stad
kom, sal bloei soos die
plante van die aarde.[e]
17 Laat sy naam tot onbepaalde
tyd wees;[f]
Laat sy naam voor die son
toeneem,
En laat hulle hulleself deur
middel van hom seën;[g]
Laat alle nasies hom gelukkig
noem.[h]
18 Mag Jehovah God, Israel se
God, geloof word,[i]
Wat alleen wonderlike
werke doen.[j]
19 En mag sy glorieryke naam
tot onbepaalde tyd geloof
word,[k]
En laat sy heerlikheid die
hele aarde vul.[l]
Amen en Amen.
20 Die gebede van Dawid, die
seun van Isai,[m] het tot
'n einde gekom.

HFST. 72
a De 11:24
b Ps 22:27; Da 2:35
c 1Kn 9:18; Ps 74:14
d Ps 2:9; Ps 110:1; Jes 49:23; Mi 7:17
e Ps 45:12; Jes 49:7; Jes 60:9
f 1Kn 4:21
g 1Kn 10:10
h Jes 49:23
i Jes 11:9
j Ps 10:17
k Job 29:12
l Ps 109:31
m Jak 2:5
n Ps 116:15
o Ps 21:4; Joh 14:19; 1Jo 1:2; Op 1:18
p 1Kn 10:10; Jes 60:6

Tweede kol.
a 2Pe 3:18
b Jes 30:23
c Jes 29:17; Jes 35:2
d Jes 29:17
e 1Kn 4:20; Op 7:16
f Ps 45:17; Ps 89:36
g Ge 22:18; Ga 3:14
h 1Ti 1:11
i 1Kr 29:10; Ps 41:13; Lu 1:68
j Eks 15:11; Ps 77:14; Ps 136:4
k Op 5:13
l Nu 14:21; Hab 2:14
m 1Sa 17:58; Han 13:22

## DERDE BOEK
(Psalm 73 – 89)

'n Melodie van Asaf.[a]

73 God is inderdaad goed
vir Israel, vir dié wat
rein van hart is.[b]
2 Wat my betref, my voete het
amper afgewyk,[c]
My voetstappe het byna
uitgegly.[d]
3 Want ek het afgunstig geraak
op die grootpraters[e]
Toe ek die vrede van die
goddeloses sien.[a]
4 Want hulle het geen doodspyne
nie;[b]
En hulle buik is vet.[c]
5 Hulle ervaar nie eens die
moeite van die sterflike
mens nie,[d]

HFST. 73
a 2Kr 35:15
b Ps 84:11; Mt 5:8; Jak 4:8
c Lu 24:38; Jud 22
d Ps 38:16; Ps 94:18
e Spr 23:17; Spr 24:1; Spr 24:19

Tweede kol. a Job 21:7; Ps 37:1; Ps 37:7; Jer 12:1; b Pr 7:15; c Ps 17:10; d Job 12:6; Job 21:9.

En hulle word nie soos ander mense gekwel nie.[a]
6 Daarom was hoogmoed vir hulle 'n halssnoer;[b]
Geweld omhul hulle soos 'n kleed.[c]
7 Hulle oog het uitgepeul van vetheid;[d]
Hulle het die voorstellings van die hart oortref.[e]
8 Hulle spot en praat oor wat sleg is;[f]
Oor kullery praat hulle uit die hoogte.[g]
9 Hulle het hulle mond in die hemel gestel,[h]
En hulle tong wandel rond op die aarde.[i]
10 Daarom bring hy sy volk hierheen terug,
En die waters van wat vol is, word vir hulle afgetap.
11 En hulle het gesê: "Hoe het God dit te wete gekom?[j]
En is daar kennis by die Allerhoogste?"[k]
12 Kyk! Dít is die goddeloses, wat vir onbepaalde tyd gerus is.[l]
Hulle het hulle middele vir lewensonderhoud vermeerder.[m]
13 Waarlik, tevergeefs het ek my hart gereinig[n]
En was ek my hande in onskuld.[o]
14 En ek word die hele dag gekwel,[p]
En my teregwysing is elke oggend daar.[q]
15 As ek gesê het: "Ek sal so iets vertel",
Kyk! teen die geslag van u kinders
Sou ek verraderlik gehandel het.[r]
16 En ek het bly nadink om dit te verstaan;[s]
Dit was iets moeiliks in my oë,
17 Totdat ek in die grootse heiligdom van God ingegaan het.[a]
Ek wou op hulle toekoms let.[b]
18 Waarlik, op glibberige grond plaas u hulle.[c]
U het hulle in puin laat val.[d]
19 Hoe het hulle tog soos in 'n oomblik 'n voorwerp van verbasing geword![e]
Hoe het hulle aan hulle einde gekom, het skielike verskrikkinge 'n einde aan hulle gemaak!
20 Soos 'n droom nadat 'n mens wakker geword het, o Jehovah,[f]
So sal u, wanneer u ontwaak, hulle beeld verag.[g]
21 Want my hart was verbitterd,[h]
En in my niere het ek skerp pyne gevoel,[i]
22 En ek was redeloos en kon nie verstaan nie;[j]
Ek het vanuit u standpunt soos blote diere geword.[k]
23 Maar ek is voortdurend by u;[l]
U het my regterhand gevat.[m]
24 Met u raad sal u my lei,[n]
En daarna sal u my selfs tot heerlikheid voer.[o]
25 Wie het ek in die hemel?[p]
En buiten u het ek geen ander behae op die aarde nie.[q]
26 My liggaam en my hart het ingegee.[r]
God is die rots van my hart en my deel tot onbepaalde tyd.[s]

HFST. 73
a Jer 12:1 Heb 12:8
b Job 21:14
c Ps 109:18 Spr 3:31 Jak 5:6
d Jer 5:28
e Lu 16:8
f Ps 53:1 2Pe 2:18
g 1Kn 21:7 Jud 16
h Eks 5:2 Op 13:6
i Ps 52:4 Jak 3:6
j Job 22:13 Ps 10:11 Ps 94:7 Ese 8:12 Sef 1:12
k Ps 44:21
l Ps 37:35
m Ps 17:14 Ps 144:13
n Job 34:9 Job 35:3 Mal 3:14
o Ps 26:6
p Ps 34:19
q Job 7:18 Ps 94:12 Heb 12:5
r Mt 18:6
s Pr 8:17

Tweede kol.
a Ps 77:13
b Ps 37:38 Pr 8:13
c Ps 35:6 Ps 37:20 Jer 23:12
d Ps 37:10 Ps 55:23 Spr 3:33
e Job 21:23 Ps 37:2 Jes 30:13
f Job 20:8 Ps 90:5 Jes 29:8
g 1Sa 2:30
h Ps 37:1 Ps 73:3
i Klg 3:13
j Ps 92:6 Spr 30:2
k Ps 32:9
l Ps 16:8 Heb 13:5
m Ps 37:17 Ps 63:8 Jes 41:10
n Ps 25:9 Ps 32:8 Ps 37:23 Ps 143:10 Spr 3:6 Jes 58:8
o Ps 37:34
p Ps 16:5 Flp 3:8
q Ps 42:2 Ps 84:2 Jes 26:9
r Ps 63:1 Ps 119:81

s Ps 16:5; Ps 119:57; Ps 142:5; Klg 3:24.

27 Want kyk! dié wat hulle ver van u af hou, sal vergaan.[a]
U sal beslis almal tot swye bring wat u op onsedelike wyse verlaat.[b]
28 Maar wat my betref, dit is vir my goed om nader aan God te kom.[c]
In die Soewereine Heer Jehovah het ek my toevlug gestel,[d]
Om al u werke bekend te maak.[e]

'n Maskil. Van Asaf.[f]

74 Waarom, o God, het u vir ewig verstoot?[g]
Waarom bly u toorn teen die skape van u weiding rook?[h]
2 Dink aan u vergadering wat u lank gelede verwerf het,[i]
Die stam wat u as u erfdeel losgekoop het,[j]
Hierdie berg Sion waarop u gewoon het.[k]
3 Hef tog u voetstappe op na die blywende puinhope.[l]
Die vyand het alles in die heiligdom sleg behandel.[m]
4 Dié wat u vyandiggesind is, het binne-in u vergaderplek gebrul.[n]
Hulle het hulle eie tekens as die tekens gestel.[o]
5 'n Mens is berug wanneer hy soos iemand is wat byle omhoog hef teen 'n digte bos bome.
6 En nou slaan hulle ál die graverings daarvan stukkend, ja, met handbyl en pale waarvan die punte met yster beslaan is.[p]
7 Hulle het u heiligdom in die vuur gewerp.[q]
Hulle het die tabernakel van u naam tot die grond toe ontheilig.[a]
8 Hulle, ook hulle nageslag, het saam in hulle hart gesê:
"Al die vergaderplekke van God sal in die land verbrand word."[b]
9 Ons tekens het ons nie gesien nie; daar is geen profeet meer nie,[c]
En daar is niemand by ons wat weet hoe lank nie.
10 Hoe lank, o God, sal die teenstander bly smaad?[d]
Sal die vyand u naam vir ewig met minagting bejeën?[e]
11 Waarom hou u u hand, ja, u regterhand, teruggetrek[f]
Uit u boesem om 'n einde aan ons te maak?
12 En tog is God van lankal af my Koning,[g]
Die Een wat 'n grootse redding op die aarde bewerk.[h]
13 U het die see met u sterkte in beroering gebring;[i]
U het die koppe van die seemonsters in die waters verbreek.[j]
14 U het die koppe van die Levia'tan[k] verbrysel.
U het dit as voedsel gegee vir die volk, vir dié wat die waterlose streke bewoon.[l]
15 U het die fontein en die stroom gekloof;[m]
U het standhoudende riviere laat opdroog.[n]
16 Aan u behoort die dag; aan u behoort ook die nag.[o]
U het die hemellig, ja die son, berei.[p]
17 U het al die grense van die aarde vasgestel;[q]

HFST. 73
a Ps 119:155, Heb 10:39
b Eks 34:15, Nu 15:39, Jak 4:4
c Ps 65:4, Heb 10:22, Jak 4:8
d Ps 46:1, Ps 71:5
e Ps 107:22, Ps 118:17

HFST. 74
f 1Kr 25:1, 2Kr 35:15
g Ps 10:1, Ps 44:23, Klg 5:20
h De 29:20, Ps 95:7, Ps 100:3
i De 9:29
j De 4:20, De 32:9, Ps 33:12, Jer 10:16, Mi 7:14
k Ps 48:2, Ps 78:68, Ps 132:13
l Da 9:17, Mi 1:3
m Ps 79:1
n Klg 2:7
o Mt 24:24, Mr 13:22
p 1Kn 6:18, 1Kn 6:35
q 2Kn 25:9, Jes 64:11

Tweede kol.
a Ps 89:39
b Ps 83:4
c 1Sa 3:1, Am 8:11
d Ps 13:2, Ps 79:4
e Ese 36:23
f Ps 44:23, Jes 64:12, Klg 2:3
g Jes 33:22
h Eks 15:2, Hab 3:13
i Eks 14:21, Ne 9:11, Ps 78:13, Ps 106:9
j Eks 14:28, Ps 136:15, Jes 51:9, Ese 29:3, Ese 32:2
k Job 3:8, Job 41:1, Ps 104:26
l Eks 14:30, Nu 14:9
m Jos 3:13, Jes 48:21
n Op 16:12
o Ge 1:3, Ge 1:5, Ps 136:7
p Ge 1:14, Ps 136:8, Mt 5:45
q Han 17:26

Somer en winter—u het
hulle geformeer.[a]
18 Dink hieraan: Die vyand
het gesmaad, o Jeho-
vah,[b]
En ’n verstandelose volk
het u naam met minag-
ting bejeën.[c]
19 Moenie aan die wilde dier
die siel van u torteldui
gee nie.[d]
Moenie die lewe van u ge-
teisterdes vir ewig ver-
geet nie.[e]
20 Aanskou die verbond,[f]
Want die donker plekke
van die aarde het vol
wonings van geweld ge-
word.[g]
21 Laat die verbryselde tog
nie verneder terug-
keer nie.[h]
Laat die geteisterde en
die arme u naam loof.[i]
22 Staan tog op, o God, voer
tog u eie regsaak.[j]
Dink aan die smaad wat
die verstandelose u die
hele dag aandoen.[k]
23 Moenie die stem vergeet
van dié wat u vyandig-
gesind is nie.[l]
Die geraas van dié wat
teen u opstaan, styg
voortdurend op.[m]

Vir die musiekleier.
“Moenie verderf nie.”
’n Melodie. Van Asaf.[n] ’n Lied.

**75** Ons dank u, o God; ons
dank u,[o]
En u naam is naby.[p]
Mense moet u wonder-
bare werke bekend
maak.[q]
2 “Want ek het ’n vasgestelde
tyd geneem;[r]
Ek het in geregtigheid be-
gin oordeel.[s]
3 Die aarde en al sy bewoners
het weggesmelt,[t]
En ek het sy pilare regge-
sit.”[a] *Sela.*
4 Ek het vir die dwase ge-
sê: “Moenie dwaas wees
nie”,[b]
En vir die goddeloses:
“Moenie die horing ver-
hef nie.[c]
5 Moenie julle horing in die
hoogte verhef nie.
Moenie met ’n trotse nek
praat nie.[d]
6 Want nie uit die ooste of uit
die weste
Of uit die suide is daar
verheffing nie.
7 Want God is die regter.[e]
Hy verneder die een en
verhef die ander.[f]
8 Want daar is ’n beker in die
hand van Jehovah,[g]
En die wyn skuim, dit is
vol van ’n mengsel.
En hy sal beslis die afsaksel
daaruit gooi;
Al die goddeloses van die
aarde sal dit opslurp,
dit drink.”[h]
9 Maar wat my betref, ek sal
dit tot onbepaalde tyd
verkondig;
Ek sal die God van Jakob
met melodieë besing.[i]
10 “En al die horings van die
goddeloses sal ek af-
kap.”[j]
Die horings van die
regverdige sal verhef
word.[k]

Vir die musiekleier,
op snaarinstrumente.
’n Melodie. Van Asaf.[l] ’n Lied.

**76** God is bekend in Juda;[m]
Sy naam is groot in Is-
rael.[n]
2 En sy plek van beskutting is
in Salem[o]

HFST. 74
a Ge 8:22
b Ps 74:10
Jes 52:5
c Eks 5:2
2Kr 32:14
Jes 37:23
d Hgl 2:14
e Ps 68:10
f Ge 17:7
Le 26:45
Ps 105:9
Ps 106:45
Jer 33:21
g Ro 1:27
h Ps 12:5
i Esr 3:11
j Ps 9:19
k Ps 89:51
Jes 52:5
l Ps 2:2
Ps 8:2
Ps 10:5
m Jes 37:29

HFST. 75
n 2Kr 35:15
o Ps 50:14
Ps 116:17
p Ps 138:2
Jes 30:27
q Ps 145:12
Op 15:3
r Pr 3:17
Han 17:31
s Jes 11:4
t Ps 60:2
2Pe 3:10

Tweede kol.
a Job 9:6
b Ps 94:8
Spr 29:9
c Am 6:13
Sag 1:21
d Eks 32:9
2Kr 30:8
Spr 29:1
Han 7:51
Jud 16
e Ps 50:6
Ps 58:11
f 1Sa 2:7
2Sa 6:21
Da 2:21
Da 4:17
Lu 1:52
g Ps 60:3
Jes 51:17
Jer 49:12
Op 14:10
Op 16:19
Op 18:6
h Job 21:20
Ps 11:6
Jer 25:15
Jer 25:28
i Ps 104:33
j Ps 101:8
Spr 2:22
Jer 48:25
Sag 1:21
k Ps 89:17
Ps 92:10
Ps 148:14

HFST. 76
l 2Kr 35:15
m Ps 48:3

n De 4:7; 2Kr 2:5; o Ge 14:18; Heb 7:1.

En sy woonplek in Sion.[a]
3 Daar het hy die vlammende pyle van die boog verbreek,[b]
Die skild en die swaard en die stryd.[c] *Sela.*
4 U is met lig omhul, majestueuser as die roofberge.[d]
5 Die sterkes van hart is geplunder,[e]
Hulle het ingesluimer en aan die slaap geraak,[f]
En geeneen van al die dapper manne het hulle hande gevind nie.[g]
6 Weens u bestrawwing, o God van Jakob, het die strydwadrywer sowel as die perd vas aan die slaap geraak.[h]
7 U—vreesinboesemend is u,[i]
En wie kan voor u standhou weens die sterkte van u toorn?[j]
8 Uit die hemel het u die regstryd laat hoor;[k]
Die aarde het gevrees en stil geword[l]
9 Toe God opgestaan het vir die oordeel,[m]
Om al die sagmoediges van die aarde te red.[n] *Sela.*
10 Want die woede van die mens sal u prys;[o]
Met die res van die woede sal u u omgord.
11 Doen geloftes en betaal dit aan Jehovah julle God, almal wat rondom hom is.[p]
Laat hulle in vrees 'n geskenk bring.[q]
12 Hy sal die gees van leiers verneder;[r]
Vreesinboesemend is hy vir die konings van die aarde.[s]

HFST. 76
a Ps 74:2; Ps 78:68; Ps 132:13; Ps 135:21; Jes 12:6
b 2Kr 32:21
c Ps 46:9
d Ps 104:2
e Jes 46:12; Lu 1:51
f Ps 13:3; Jes 37:36; Jer 51:39
g Jes 31:8
h Eks 14:28; Eks 15:21; Jes 43:17; Na 2:13; Sag 12:4
i Eks 14:31; Ps 89:7
j Ps 90:11; Jer 10:10; Na 1:6; 1Ko 10:22
k 1Kn 8:49; Ps 2:4
l 2Kr 20:29; Sag 2:13
m Ps 82:8
n Ps 147:6; Spr 3:34; Sef 2:3
o Spr 16:4; Da 3:19; Da 3:28; Ro 3:5
p Nu 30:2; Ps 50:14; Pr 5:4
q 2Kr 32:23; Ps 68:29; Ps 89:7
r Jes 5:15; Jer 13:18
s Jes 24:21; Op 6:15

Tweede kol.

HFST. 77
a 2Kr 35:15
b Ps 3:4
c Ps 34:6; Ps 116:2; Spr 15:29
d Ps 18:6; Ps 50:15; Jes 26:16
e Jer 31:15
f Ps 42:5
g Ps 142:3; Ps 143:4
h Est 6:1
i Ps 4:4
j De 32:7; Ps 143:5; Jes 51:9; Jes 63:9
k Ps 42:8
l Ps 77:12
m Ps 74:1
n Ps 79:5; Ps 85:1; Ro 11:1
o Ps 136:1; Klg 3:22
p Nu 23:19; Ro 9:6

Vir die musiekleier, op Jedu'tun. Van Asaf.[a] 'n Melodie.

**77** Met my stem sal ek tot God roep,[b]
Met my stem tot God, en hy sal beslis na my luister.[c]
2 In die dag van my benoudheid het ek Jehovah gesoek.[d]
Snags is my hand uitgestrek en word dit nie lam nie;
My siel het geweier om vertroos te word.[e]
3 Ek sal aan God dink en onstuimig wees;[f]
Ek sal besorgdheid toon, sodat my gees versmag.[g] *Sela.*
4 U het my ooglede vasgegryp;[h]
Ek het ontsteld geword en kan nie praat nie.[i]
5 Ek het gedink oor die dae van lank gelede,[j]
Oor die jare in die onbepaalde verlede.
6 Ek sal in die nag aan my snarespel dink;[k]
Met my hart sal ek besorgdheid toon,[l]
En my gees sal sorgvuldig ondersoek.
7 Sal Jehovah tot onbepaalde tye bly verstoot,[m]
En sal hy hom nooit weer laat behaag nie?[n]
8 Het sy liefderyke goedhartigheid vir ewig geëindig?[o]
Het sy woord van geslag tot geslag op niks uitgeloop nie?[p]
9 Het God vergeet om gunstiggesind te wees,[q]
Of het hy in toorn sy barmhartighede toegesluit?[r] *Sela.*

q Jes 49:14; Jes 63:15; Jer 50:5; r Ro 11:32.

**10** En sal ek bly sê: "Dít deurboor my,[a]
Dat die regterhand van die Allerhoogste verander"?[b]
**11** Ek sal aan die handelinge van Jah dink;[c]
Want ek sal aan u wonderdade van lank gelede dink.[d]
**12** En ek sal beslis oor al u dade peins,[e]
En u handelinge sal ek oordink.[f]
**13** O God, u weg is in die heiligdom.[g]
Wie is 'n groot God soos God?[h]
**14** U is die ware God, wat wonderbaarlik handel.[i]
Onder die volke het u u sterkte bekend gemaak.[j]
**15** Met u arm het u u volk verlos,[k]
Die kinders van Jakob en van Josef. *Sela.*
**16** Die waters het u gesien, o God,
Die waters het u gesien; hulle het begin ineenkrimp van pyn.[l]
Ook het die waterdieptes in beroering geraak.[m]
**17** Die wolke het donderend water uitgegiet;[n]
Die bewolkte lug het 'n geluid laat hoor.
Ook het u pyle in alle rigtings gevlieg.[o]
**18** Die geluid van u donder was soos strydwawiele;[p]
Weerligstrale het die vrugbare land verlig;[q]
Die aarde het in beroering geraak en begin bewe.[r]
**19** U weg het deur die see geloop[s]
En u pad deur baie waters;
En u voetspore het nie bekend geword nie.
**20** U het u volk net soos 'n kudde gelei,[a]
Deur die hand van Moses en Aäron.[b]

Maskil. Van Asaf.[c]

**78** Luister tog, o my volk, na my wet;[d]
Neig julle oor tot die woorde van my mond.[e]
**2** Met 'n spreekwoord sal ek my mond oopmaak;[f]
Ek sal raaisels van lank gelede laat uitborrel,[g]
**3** Wat ons gehoor het en weet[h]
En wat ons vaders ons vertel het;[i]
**4** Wat ons nie vir hulle kinders verberg nie,[j]
Maar selfs vir die komende geslag vertel,[k]
Die lofprysinge van Jehovah en sy sterkte[l]
En sy wonderlike dinge wat hy gedoen het.[m]
**5** En hy het 'n herinnering in Jakob gegee,[n]
En 'n wet het hy in Israel gestel,[o]
Dinge wat hy ons voorvaders beveel het,[p]
Om dit aan hulle kinders bekend te maak;[q]
**6** Sodat die komende geslag, die kinders wat gebore sou word, dit kon weet,[r]
Sodat hulle kon opstaan en dit vir hulle kinders kon vertel,[s]
**7** En sodat hulle hulle vertroue in God kon stel[t]
En die handelinge van God nie sou vergeet nie,[u] maar sy gebooie sou bewaar.[v]

**HFST. 77**
a Ps 31:22
b Ro 3:5
c Ps 111:4
d 1Kr 16:12
e Ps 19:14; Ps 143:5; Flp 4:8
f 1Kr 16:9; Ps 105:2
g Ps 73:17
h Eks 15:11; Ps 89:8
i Ps 72:18; Op 15:3
j Eks 9:16; Jes 52:10; Da 3:29; Da 6:27
k Eks 6:6; De 9:29
l Eks 14:21; Jos 3:16; Ps 114:3; Hab 3:8
m Ps 104:7
n Ps 68:8
o 2Sa 22:15; Job 36:32; Ps 18:14; Ps 144:6; Hab 3:11; Sag 9:14
p Eks 9:16; Ps 29:3
q Ps 97:4; Hab 3:4
r Eks 19:18; 2Sa 22:8
s Ne 9:11; Hab 3:15

**Tweede kol.**
a Eks 13:21; Ps 78:52; Ho 12:13
b Jes 63:11; Han 7:36

**HFST. 78**
c Ps 74:Ops
d Jes 51:4
e Ps 49:3
f Ps 49:4; Mt 13:35
g Ps 119:171; Spr 1:6; Spr 18:4; Ese 17:2
h Ps 44:1
i Eks 13:8
j De 4:9; De 6:7; De 6:21; Ps 145:4; Jl 1:3
k De 11:19; Jos 4:6; Ps 71:18
l Jes 63:7
m Ps 98:1
n De 4:45
o De 4:8; De 27:3; Ps 147:19
p Ro 3:2
q Ge 18:19; De 6:7; Ef 6:4

r Ps 71:18; Ps 102:18; s De 4:10; t Ps 40:4; Jer 17:7; u De 4:9; Ps 103:2; v De 5:29.

8 En hulle moes nie soos hulle voorvaders word nie,[a]
'n Hardkoppige en opstandige geslag,[b]
'n Geslag wat nie hulle hart voorberei het nie[c]
En wie se gees nie trou was teenoor God nie.[d]
9 Hoewel die kinders van E′fraim gewapende boogskutters was,[e]
Het hulle teruggetrek op die dag van die stryd.[f]
10 Hulle het die verbond van God nie gehou nie,[g]
En in sy wet het hulle geweier om te wandel.[h]
11 Hulle het ook sy handelinge begin vergeet[i]
En sy wonderlike werke wat hy hulle laat sien het.[j]
12 Voor hulle voorvaders het hy wonderbaarlik gehandel[k]
In die land Egipte,[l] die veld van Soan.[m]
13 Hy het die see gekloof, sodat hy hulle kon laat deurtrek,[n]
En hy het die waters soos 'n dam laat staan.[o]
14 En hy het hulle bedags met 'n wolk bly lei[p]
En die hele nag met 'n lig van vuur.[q]
15 Hy het rotse in die wildernis gekloof,[r]
Sodat hy hulle oorvloedig kon laat drink soos uit waterdieptes.[s]
16 En hy het strome uit 'n groot rots laat kom[t]
En waters net soos riviere laat afstroom.[u]
17 En hulle het nog meer teen hom bly sondig[v]
Deur in die waterlose streek teen die Allerhoogste in opstand te kom;[w]

HFST. 78

a 2Kn 17:14; Ese 20:18; Han 7:51
b Eks 32:9; De 1:43; De 9:6; De 31:27; Jes 65:2
c 2Kr 12:14; Ps 81:12; Jer 5:23; Jer 7:24
d Ge 6:5
e Ge 49:24
f Rig 12:4
g De 31:16; 2Kr 13:4; 2Kr 13:11; Jer 31:32
h 2Kn 17:14; 2Kr 13:9; Ne 9:26
i De 32:18; 2Kr 13:8; 2Kr 13:12; Jer 2:32
j Ps 106:13; Ps 106:22
k De 4:34; Ne 9:10; Ps 105:29
l Ps 105:27; Ps 135:9
m Nu 13:22; Jes 19:11
n Eks 14:21; Ps 66:6; Ps 136:13; Jes 63:13; 1Ko 10:1
o Eks 15:8; Ps 33:7
p Eks 13:21; Ne 9:12
q Eks 14:20; Eks 14:24; Ps 105:39
r Eks 17:6; Nu 20:11
s Ps 105:41; Jes 48:21; 1Ko 10:4
t De 8:15; Ne 9:15
u Jes 41:18
v De 9:21
w De 9:22; Ps 95:8; Heb 3:16

18 En hulle het God in hulle hart op die proef gestel[a]
Deur vir hulle siel iets te ete te vra.[b]
19 Toe het hulle teen God begin praat.[c]
Hulle het gesê: "Kan God 'n tafel in die wildernis berei?"[d]
20 Kyk! Hy het 'n rots geslaan[e]
Sodat waters gevloei het en strome in vloed was.[f]
"Kan hy ook brood gee,[g]
Of kan hy voedsel vir sy volk berei?"[h]
21 Daarom het Jehovah gehoor en grimmig geword;[i]
En 'n vuur is teen Jakob aangesteek,[j]
En toorn het ook teen Israel opgekom.[k]
22 Want hulle het nie geloof in God gestel nie,[l]
En hulle het nie op redding deur hom vertrou nie.[m]
23 En hy het die bewolkte lug daar bo bevel gegee,
En hy het die deure van die hemel oopgemaak.[n]
24 En hy het aanhoudend manna op hulle laat reën om te eet,[o]
En die graan van die hemel het hy aan hulle gegee.[p]
25 Mense het die brood van magtiges geëet;[q]
Hy het vir hulle voedsel tot versadiging toe gestuur.[r]
26 Hy het 'n oostewind in die hemel laat opsteek[s]
En deur sy sterkte 'n suidewind laat waai.[t]
27 En hy het voedsel op hulle laat reën net soos stof,[u]

Tweede kol.

a Ps 106:14
b Eks 16:8
c Nu 21:5
d Nu 11:4
e Eks 17:6
f Nu 20:11
g Eks 16:3
h Nu 11:21
i Nu 11:10; 1Ko 10:5
j De 32:22; Heb 12:29
k Nu 11:1
l Ps 106:24; Heb 3:10; Jud 5
m De 32:15
n Ge 7:11; Mal 3:10

o Eks 16:14; Eks 16:35; Nu 11:7; De 8:3; Ne 9:15; Joh 6:31; 1Ko 10:3; p Eks 16:31; q Ps 103:20; r Eks 16:12; s Nu 11:31; t Ps 135:7; u Nu 11:19.

Ja, gevleuelde voëls net soos die sandkorrels van die seë.[a]
28 En hy het dit aanhoudend binne-in sy kamp laat val,[b]
Rondom sy wonings.[c]
29 En hulle het geëet en baie versadig geword,[d]
En wat hulle begeer het, het hy vir hulle gebring.[e]
30 Hulle het hulle nog nie van hulle begeerte afgewend nie,
Terwyl hulle voedsel nog in hulle mond was,[f]
31 Toe het God se gramskap teen hulle opgekom.[g]
En hy het van hulle fris manne gedood;[h]
En die jong manne van Israel het hy laat inmekaarsak.
32 Ondanks dit alles het hulle verder gesondig[i]
En geen geloof in sy wonderlike werke gestel nie.[j]
33 Daarom het hy hulle dae tot 'n einde gebring asof dit 'n blote asemstoot was,[k]
En hulle jare deur die ontsteltenis.
34 Elke keer as hy hulle gedood het, het hulle na hom gevra,[l]
En hulle het teruggekeer en God gesoek.[m]
35 En hulle het daaraan begin dink dat God hulle Rots was[n]
En dat God, die Allerhoogste, hulle Wreker was.[o]
36 En hulle het hom met hulle mond probeer mislei;[p]
En met hulle tong het hulle vir hom probeer lieg.[q]

HFST. 78
a Eks 16:13 Nu 11:32
b Nu 11:31
c Eks 40:29 Eks 40:34
d Ps 106:15
e Nu 11:20
f Nu 11:33
g Nu 11:10
h Nu 11:34
i Nu 14:4 Nu 25:3 1Ko 10:8 1Ko 10:9 1Ko 10:10
j Eks 16:15 De 8:15
k Nu 14:29 Nu 14:35 De 2:14
l Nu 21:7 Rig 4:3
m De 30:2
n De 32:4
o Eks 6:6 Eks 13:15
p Ese 33:31
q Ho 7:13

Tweede kol.
a Ne 9:26 Ps 95:10 Heb 3:12
b De 31:20 Jer 31:32
c Eks 34:6 Nu 14:18 Ne 9:31
d Ps 65:3 Ps 79:9
e Nu 14:20 Jer 30:11 Klg 3:22
f Ne 9:27 Jes 48:9 Ese 20:9
g Ps 103:14
h Pr 12:7
i Nu 14:11 Ps 78:17
j Jes 63:10 Ef 4:30 Heb 3:16
k Nu 14:22 De 6:16 Ps 95:9
l 2Kn 19:22
m De 9:26 Ps 78:11
n Eks 14:30
o De 4:34 Ne 9:10 Ps 105:27
p Ps 78:12
q Eks 7:19
r Ps 105:29
s Eks 8:24 Ps 105:31
t Eks 8:6 Ps 105:30

37 En hulle hart was nie standvastig teenoor hom nie;[a]
En hulle was nie getrou in sy verbond nie.[b]
38 Maar hy was barmhartig;[c] hy het die oortreding bedek[d] en nie vernietiging gebring nie.[e]
En hy het sy toorn dikwels afgewend,[f]
En hy het nie al sy woede opgewek nie.
39 En hy het in gedagte gehou dat hulle vlees is,[g]
Dat die gees uitgaan en nie terugkom nie.[h]
40 Hoe dikwels het hulle in die wildernis teen hom in opstand gekom,[i]
Het hulle hom in die woestyn gekrenk![j]
41 En keer op keer het hulle God op die proef gestel,[k]
En hulle het die Heilige van Israel bedroef.[l]
42 Hulle het nie aan sy hand gedink nie,[m]
Aan die dag toe hy hulle van die teenstander verlos het nie,[n]
43 Hoe hy sy tekens in Egipte gestel het[o]
En sy wonderwerke in die veld van Soan;[p]
44 En hoe hy hulle Nylkanale in bloed begin verander het,[q]
Sodat hulle nie uit hulle eie strome kon drink nie.[r]
45 Hy het steekvlieë oor hulle gestuur, sodat dié hulle sou verteer;[s]
En paddas, sodat dié verwoesting oor hulle sou bring.[t]
46 En hy het hulle opbrengs aan die kakkerlakke begin gee,

En hulle moeisame arbeid aan die sprinkane.[a]
47 Hy het hulle wingerdstok deur die hael vernietig,[b]
En hulle wildevyebome deur haelstene.[c]
48 En hy het hulle pakdiere aan die hael oorgegee[d]
En hulle vee aan die vlammende koors.
49 Hy het sy brandende toorn oor hulle gestuur,[e]
Grimmigheid en veroordeling en benoudheid,[f]
Afvaardigings van engele wat rampspoed bring.[g]
50 Hy het 'n pad vir sy toorn gebaan.[h]
Hy het nie hulle siel van die dood teruggehou nie;
En hulle lewe het hy aan die pes oorgegee.[i]
51 Uiteindelik het hy al die eersgeborenes in Egipte getref,[j]
Die begin van hulle voortplantingsvermoë in die tente van Gam.[k]
52 Daarna het hy sy volk laat wegtrek net soos 'n kudde[l]
En hulle gelei soos 'n trop in die wildernis.[m]
53 En hy het hulle in veiligheid bly lei, en hulle was nie beangs nie;[n]
En die see het hulle vyande bedek.[o]
54 En hy het hulle na sy heilige gebied gebring,[p]
Hierdie bergstreek wat sy regterhand verwerf het.[q]
55 En ter wille van hulle het hy die nasies geleidelik verdryf,[r]
En deur die meetsnoer het hy aan hulle 'n erfdeel toegemeet,[s]
Sodat hy die stamme van Israel in hulle eie huise laat woon het.[a]
56 En hulle het God, die Allerhoogste, op die proef begin stel en teen hom in opstand gekom,[b]
En sy herinneringe het hulle nie onderhou nie.[c]
57 Hulle het ook bly terugdraai en verraderlik gehandel soos hulle voorvaders;[d]
Hulle het omgedraai soos 'n slap boog.[e]
58 En hulle het hom bly aanstoot gee met hulle hoogtes,[f]
En met hulle gesnede beelde het hulle hom tot jaloesie bly opwek.[g]
59 God het gehoor[h] en grimmig geword,[i]
En daarom het hy Israel grootliks verag.[j]
60 En hy het uiteindelik die tabernakel van Silo prysgegee,[k]
Die tent waarin hy onder mense gewoon het.[l]
61 En hy het sy sterkte aan gevangenskap oorgegee[m]
En sy luisterrykheid in die hand van die teenstander.[n]
62 En hy het sy volk aan die swaard bly oorlewer,[o]
En teen sy erfdeel het hy grimmig geword.[p]
63 Sy jong manne is deur 'n vuur verteer,
En sy maagde is nie geprys nie.[q]
64 Wat sy priesters betref, hulle het deur die swaard geval,[r]
En hulle weduwees het nie gehuil nie.[s]

HFST. 78
a Eks 10:15 Ps 105:34 Am 7:1
b Eks 9:23 Ps 105:32
c Ps 105:33
d Eks 9:25
e Klg 4:11
f Ps 11:6 Jes 42:25
g 2Kn 6:17 Mt 26:53
h Nu 25:4
i Eks 9:6
j Eks 12:29 Eks 13:15 Ps 105:36 Ps 135:8 Ps 136:10
k Ps 106:22
l Ps 77:20 Ps 105:37 Ps 136:11
m Ps 136:16
n Eks 14:20 Heb 11:29
o Eks 14:27 Eks 15:10 Ps 136:15
p Eks 15:17 Da 9:16
q Ps 44:3
r Jos 24:12 Ne 9:24 Ps 44:2 Ps 105:44 Ps 136:18
s De 32:8 Jos 13:7 Ps 136:21

Tweede kol.
a Ne 9:25
b De 31:16 De 32:15 Rig 2:11 2Sa 20:1 Ne 9:26
c 2Kn 17:15 Jer 44:23
d De 9:7 Rig 3:6 Ese 20:27
e Ho 7:16
f De 12:2 Rig 2:2 1Kn 14:23 Ese 20:28
g De 32:16 Rig 2:12 1Sa 7:3 1Kn 11:7 1Kn 12:28 2Kn 21:7
h Ps 94:9
i Rig 2:20
j Ps 106:40
k Jos 18:1 1Sa 4:11 Jer 26:6
l 1Sa 14:3 Jer 7:12
m 1Sa 5:1
n 1Sa 4:21
o 1Sa 4:2 1Sa 4:10 Jer 7:34
p Ps 89:38
q 2Kr 36:17

r 1Sa 2:33; 1Sa 4:11; 1Sa 22:18; s 1Sa 4:19; Job 27:15.

65 Toe het Jehovah wakker geword asof uit die slaap,[a]
Soos ’n magtige wat nugter word van die wyn.[b]
66 En hy het sy teenstanders van agter getref;[c]
’n Smaad wat onbepaald voortduur, het hy hulle gegee.[d]
67 En hy het die tent van Josef verwerp;[e]
En die stam E′fraim het hy nie uitgekies nie.[f]
68 Maar hy het die stam Juda uitgekies,[g]
Die berg Sion, wat hy liefgehad het.[h]
69 En hy het sy heiligdom begin bou soos die hoogtes,[i]
Soos die aarde wat hy tot onbepaalde tyd gegrondves het.[j]
70 En hy het sy kneg Dawid uitgekies[k]
En hom van die skaapkrale af weggeneem.[l]
71 Agter die sogende ooie[m]
Het hy hom weggehaal om ’n herder te wees oor Jakob, sy volk,[n]
En oor Israel, sy erfdeel.[o]
72 En hy het as herder oor hulle begin toesig hou volgens die onkreukbaarheid van sy hart,[p]
En met die vaardigheid van sy hande het hy hulle begin lei.[q]

’n Melodie van Asaf.

**79** O God, die nasies het in u erfdeel ingekom;[r]
Hulle het u heilige tempel verontreinig;[s]
Hulle het Jerusalem ’n puinhoop gemaak.[t]
2 Hulle het die lyke van u knegte aan die voëls van die hemel as voedsel gegee,[u]
Die vlees van u lojales aan die wilde diere van die aarde.[a]
3 Hulle het hulle bloed soos water uitgegiet
Rondom Jerusalem, en daar is niemand wat begrawe nie.[b]
4 Ons het ’n smaad vir ons bure geword,[c]
’n Bespotting en ’n beskimping vir dié rondom ons.[d]
5 Hoe lank, o Jehovah, sal u vertoornd wees? Vir ewig?[e]
Hoe lank sal u ywer brand net soos ’n vuur?[f]
6 Stort u woede uit oor die nasies wat u nie geken het nie[g]
En oor die koninkryke wat u naam nie aangeroep het nie.[h]
7 Want hulle het Jakob verteer,[i]
En hulle het veroorsaak dat sy woonplek verwoes is.[j]
8 Moenie tot ons nadeel aan die oortredings van die voorouers dink nie.[k]
Maak gou! Laat u barmhartighede ons tegemoetkom,[l]
Want ons het baie verarm.[m]
9 Help ons, o God van ons redding,[n]
Ter wille van die heerlikheid van u naam;[o]
En verlos ons en bedek ons sondes ter wille van u naam.[p]
10 Waarom sou die nasies sê: “Waar is hulle God?”[q]
Laat die wraak oor die vergote bloed van u knegte[r]

**HFST. 78**
a Ps 44:23
b Jes 42:13
c 1Sa 5:6
d Jer 23:40
e Am 5:6
f Ps 78:9
g Ge 49:10
h Ps 87:2; Ps 132:13; Ps 135:21
i 2Kr 2:9; Ps 76:2; Heb 12:22
j Ps 104:5; Ps 119:90; Pr 1:4
k 1Sa 16:12
l 1Sa 17:15
m Ge 33:13
n Nu 27:17; 2Sa 7:8
o 2Sa 6:21
p 2Sa 8:15; 1Kn 3:6; 1Kn 9:4; 1Kn 15:5
q 1Sa 18:14

**HFST. 79**
r Eks 15:17; Ps 74:3
s 2Kn 24:13; 2Kr 36:18; Ps 74:7; Klg 1:10
t 2Kn 25:9; 2Kr 36:19; Jer 52:13; Mi 3:12
u Jer 7:33; Jer 15:3

**Tweede kol.**
a Jer 34:20
b Ps 141:7; Jer 14:16; Jer 16:4
c De 28:37; Ese 36:4
d Ps 44:13; Ps 80:6
e Ps 74:1; Ps 85:5; Jes 64:9
f Ps 89:46; Jes 30:27; Sef 1:18; 2Te 1:8
g Jer 10:25
h Ps 14:4
i Ps 53:4
j 2Kr 36:21
k Eks 32:34; Ne 9:34
l Eks 34:6; Ps 69:17; Klg 3:22
m De 28:43; Ps 142:6
n 1Kr 16:35
o 2Kr 14:11; Ps 115:1
p Jos 7:9; 1Sa 12:22; Ps 65:3; Ps 78:38; Jes 48:9; Jer 14:7

q Ps 42:3; Ps 115:2; Jl 2:17; r Jer 51:35; Ro 12:19; Op 18:20.

Voor ons oë onder die nasies bekend word.[a]
11 Laat die gesug van die gevangene voor u kom.[b]
Bewaar volgens die grootheid van u arm dié wat vir die dood bestem is.[c]
12 En vergeld ons bure sewevoudig in hulle boesem[d]
Hulle smaad waarmee hulle u gesmaad het, o Jehovah.[e]
13 Wat ons betref, u volk en die skape van u weiding,[f]
Ons sal u tot onbepaalde tyd dank;
Van geslag tot geslag sal ons u lof bekend maak.[g]

Vir die musiekleier, op “Die Lelies”.[h] ’n Herinnering. Van Asaf.[i] ’n Melodie.

80 O Herder van Israel, luister tog,[j]
U wat Josef net soos ’n kudde lei.[k]
O u wat op die gerubs sit,[l] straal tog.[m]
2 Wek tog u mag op voor E′fraim en Benjamin en Manas′se,[n]
En kom tog tot ons redding.[o]
3 O God, bring ons terug;[p]
En laat u aangesig skyn, sodat ons gered kan word.[q]
4 O Jehovah, God van die leërs, hoe lank nog moet u toorn teen die gebed van u volk rook?[r]
5 U het hulle tranebrood laat eet,[s]
En u laat hulle voortdurend trane en nogmaals trane in groot mate drink.[t]
6 U maak ons ’n voorwerp van twis vir ons bure,[u]
En ons vyande bly spot soos dit hulle behaag.[a]
7 O God van die leërs, bring ons terug;[b]
En laat u aangesig skyn, sodat ons gered kan word.[c]
8 U het ’n wingerdstok uit Egipte laat vertrek.[d]
U het die nasies bly verdryf, sodat u hom kon plant.[e]
9 U het voor hom ’n oop plek gemaak,[f] sodat hy kon wortelskiet en die land kon vul.[g]
10 Die berge was met sy skaduwee bedek,
En die seders van God met sy takke.[h]
11 Hy het geleidelik sy takke tot by die see uitgestoot,[i]
En sy lote tot by die Rivier.[j]
12 Waarom het u sy klipmure afgebreek,[k]
En waarom het almal wat met die pad verbygaan, aan hom gepluk?[l]
13 ’n Wildevark uit die bos bly hom afvreet,[m]
En die diere wat op die oop veld wemel, bly hom afwei.[n]
14 O God van die leërs, keer asseblief terug;[o]
Kyk uit die hemel af en sien en sorg vir hierdie wingerdstok[p]
15 En die stok wat u regterhand geplant het,[q]
En aanskou die seun wat u vir u sterk gemaak het.[r]
16 Hy is met vuur verbrand, afgekap.[s]

**HFST. 79**
a Ese 36:23
b Eks 2:23 Ps 69:33 Jes 42:7
c Ps 102:20 Jes 33:2
d Ge 4:15 Jes 65:6 Jer 12:14 Jer 32:18 Lu 6:38
e Ps 74:18 Ro 15:3
f Ps 74:1 Ps 95:7 Ps 100:3 Ese 34:31
g Ps 45:17 Ps 145:4 Jes 43:21

**HFST. 80**
h Ps 45:Ops Ps 60:Ops
i Ps 74:Ops
j Ps 55:1
k Ps 77:20 Jes 40:11 Jer 31:10 Ese 34:12 1Pe 2:25
l Eks 25:20 1Sa 4:4 2Sa 6:2 2Kn 19:15 Ps 99:1
m De 33:2 Ps 50:2 Ps 94:1
n Nu 2:18 Ps 35:23 Jes 42:13
o Jes 25:9 Jes 33:22
p Ps 85:4 Klg 5:21
q Nu 6:25 Ps 4:6 Ps 67:1
r Ps 74:1 Ps 85:5 Klg 3:44
s Ps 42:3
t Ps 102:9 Jes 30:20
u Ps 44:13

**Tweede kol.**
a Rig 16:25 Ps 79:4
b Ps 80:3
c Ps 4:6
d Jes 5:7 Jer 2:21 Ese 19:10
e Ps 44:2 Ps 78:55
f Eks 23:28 Jos 24:12 Ne 9:22 Ps 105:44
g 1Kn 4:25
h Ps 104:16
i Eks 23:31 Ps 72:8
j Ge 15:18 1Kn 4:21
k Ps 89:40 Jes 5:5

l Ps 89:41; Na 2:2; m 2Kn 18:9; 2Kr 32:1; n 2Kn 24:1; 2Kn 25:1; Jer 39:1; o Jes 63:17; Mal 3:7; p Jes 63:15; q Jes 5:2; Jer 2:21; Mr 12:1; r Eks 4:22; Jes 49:5; s Ps 79:5; Jer 52:13.

Weens die bestrawwing
van u aangesig vergaan
hulle.[a]
17 Laat u hand oor die man van
u regterhand wees,[b]
Oor die menseseun wat
u vir u sterk gemaak
het,[c]
18 En ons sal ons nie van u af-
keer nie.[d]
Mag u ons in die lewe hou,
sodat ons u naam kan
aanroep.[e]
19 O Jehovah, God van die
leërs, bring ons terug;[f]
Laat u aangesig skyn, so-
dat ons gered kan
word.[g]

Vir die musiekleier,
op die Gittit.[h] Van Asaf.

81 O ROEP met vreugde uit
tot God, ons sterkte;[i]
Roep die God van Jakob
triomfantlik toe.[j]
2 Hef ’n melodie aan[k] en neem
’n tamboeryn,[l]
Die lieflike harp tesame
met die snaarinstru-
ment.[m]
3 BLAAS die horing op nuwe-
maan;[n]
Op volmaan, vir ons fees-
dag.[o]
4 Want dit is ’n voorskrif vir
Israel,[p]
’n Regterlike beslissing
van die God van Jakob.
5 As ’n herinnering het hy dit
aan Josef opgelê[q]
Toe hy oor Egipteland uit-
getrek het.[r]
’n Taal wat ek nie ge-
ken het nie, het ek bly
hoor.[s]
6 “Ek het sy skouer onder die
las laat uitkom;[t]
Sy hande het vry geword
van die mandjie.[u]
7 In benoudheid het jy ge-
roep, en ek het jou ge-
red;[v]
Ek het jou in die skuil-
plek van die donder be-
gin antwoord.[a]
Ek het jou by die waters
van Me′riba onder-
soek.[b] *Sela.*
8 Hoor, o my volk, en ek sal
teen jou getuig,[c]
O Israel, as jy na my sal
luister.[d]
9 Onder jou sal daar geen
vreemde god wees nie;[e]
En jy sal jou nie voor ’n
uitlandse god neerbuig
nie.[f]
10 Ek, Jehovah, is jou God,[g]
Die Een wat jou uit Egip-
teland laat optrek het.[h]
Maak jou mond wyd oop,
en ek sal dit vul.[i]
11 Maar my volk het nie na my
stem geluister nie;[j]
En Israel het geen gewil-
ligheid teenoor my ge-
toon nie.[k]
12 En daarom het ek hulle laat
gaan in die wederstre-
wigheid van hulle hart;[l]
Hulle het in hulle eie plan-
ne gewandel.[m]
13 Ag, as my volk maar na my
wou luister,[n]
Ag, as Israel maar in my
weë wou wandel![o]
14 Hulle vyande sou ek maklik
onderwerp,[p]
En teen hulle teenstan-
ders sou ek my hand
rig.[q]
15 Wat dié betref wat Jehovah
intens haat, hulle sal
kruipend na hom toe
kom,[r]
En hulle tyd sal tot onbe-
paalde tyd wees.
16 En hy sal hom deurentyd
van die vet van die ko-
ring laat eet,[s]
En uit die rots sal ek jou
met heuning versa-
dig.”[t]

HFST. 80
a Ps 39:11
b Ps 89:21
Ps 110:1
c Da 7:13
d Heb 10:39
e Han 15:17
f Ps 80:7
g Ps 89:15

HFST. 81
h Ps 8:Ops
i Ps 28:8
Flp 4:13
j Ps 33:3
Mt 22:32
k Ps 33:2
l Ps 149:3
m Ps 92:3
Ef 5:19
n Nu 10:10
Nu 29:1
o Eks 23:16
p Le 23:24
q Eks 12:14
r Eks 12:12
s Ps 114:1
t Eks 6:6
Jes 9:4
Jes 10:27
u Eks 1:14
Eks 5:4
v Eks 2:23
Eks 14:10
Ps 50:15
Ps 91:15

Tweede kol.
a Eks 19:16
Eks 19:19
Heb 12:19
b Eks 17:6
De 33:8
c De 32:36
Ps 50:7
d Eks 15:26
e Eks 20:3
De 6:14
f Eks 20:5
g De 5:6
h Eks 20:2
Jer 11:4
i De 32:13
Ps 37:25
Op 21:6
j Sag 7:11
k Eks 32:1
De 32:15
l Jer 11:8
Jer 18:12
Han 7:51
Ro 1:24
m Jer 7:24
Mi 6:16
n De 32:29
Jes 48:18
o De 5:29
p Nu 14:9
q Am 1:8
r Ps 18:45
Ps 66:3
s De 32:14
Ps 147:14
Jl 2:24
t De 32:13

'n Melodie van Asaf.

82 God staan in die vergadering[a] van die Goddelike Wese;[b]
Te midde van die gode oordeel hy:[c]
2 "Hoe lank sal julle aanhou om onregverdig te oordeel[d]
En partydigheid teenoor die goddeloses te betoon?[e] *Sela.*
3 Wees regters vir die geringe en die vaderlose seun.[f]
Laat reg geskied aan die geteisterde en die arme.[g]
4 Verskaf ontkoming aan die geringe en die arme;[h]
Verlos hulle uit die hand van die goddeloses."[i]
5 Hulle het nie geweet nie, en hulle verstaan nie;[j]
In duisternis bly hulle rondloop;[k]
Al die fondamente van die aarde wankel.[l]
6 "Ek het gesê: 'Julle is gode,[m]
En julle almal is seuns van die Allerhoogste.[n]
7 Waarlik, julle sal sterf net soos mense;[o]
En soos een van die vorste sal julle val!' "[p]
8 Staan tog op, o God, oordeel tog die aarde;[q]
Want u moet al die nasies in besit neem.[r]

'n Lied. 'n Melodie van Asaf.[s]

83 O God, laat daar geen stilswye van u kant wees nie;[t]
Moenie bly swyg nie, en moenie stil wees nie, o God.[u]
2 Want kyk! u vyande is in beroering;[v]
En dié wat u intens haat, het hulle hoof opgehef.[w]
3 Teen u volk voer hulle listig hulle vertroulike gesprekke;[a]
En hulle sweer saam teen u verborgenes.[b]
4 Hulle het gesê: "Kom en laat ons hulle as 'n nasie uitwis,[c]
Sodat die naam van Israel nie meer onthou sal word nie."[d]
5 Want met die hart het hulle eensgesind raad gehou;[e]
Teen u het hulle selfs 'n verbond gesluit,[f]
6 Die tente van Edom[g] en die Ismaeliete, Moab[h] en die Hagriete,[i]
7 Gebal en Ammon[j] en A'malek,
Filiste'a[k] tesame met die inwoners van Tirus.[l]
8 Ook Assi'rië het by hulle aangesluit;[m]
Hulle het 'n arm vir die kinders van Lot geword.[n] *Sela.*
9 Maak met hulle soos met Mi'dian,[o] soos met Si'sera,[p]
Soos met Jabin[q] by die Kisonstroomvallei.[r]
10 Hulle is by En-Dor[s] verdelg;
Hulle het mis vir die grond geword.[t]
11 Wat hulle edeles betref, maak hulle soos Oreb en soos Seëb,[u]
En al hulle hertoë soos Seba en soos Sal'munna,[v]
12 Wat gesê het: "Laat ons die woonplekke van God vir ons in besit neem."[w]
13 O my God, maak hulle soos 'n dwarrelwind van dissels,[x]

HFST. 82
a Eks 18:21 2Kr 19:6
b Ps 118:27
c Eks 18:22 Ps 82:6 Joh 10:35
d Le 19:15 Pr 5:8 Mi 3:2
e De 1:17 2Kr 19:7 Spr 18:5
f De 24:17 Sag 7:10
g Jer 5:28 Jer 7:6 Jer 22:3
h Job 29:12 Spr 24:11
i Ne 5:8
j Ps 53:4 Mi 3:1
k Spr 4:19 1Jo 2:11
l Ps 11:3 Ps 75:3 Spr 29:4
m Joh 10:34 1Ko 8:5
n Joh 10:35
o Job 21:32 Ps 49:12 Ese 31:14
p Ps 146:3
q Ps 76:9 Ps 96:13
r Ps 2:8 Op 11:15

HFST. 83
s 2Kr 20:14 Ps 74:Ops
t Ps 28:1 Ps 35:22 Ps 109:1
u Ps 50:1
v 2Kn 19:28 Ps 2:1 Ps 74:4 Han 4:25
w Rig 8:28 Jes 37:23

Tweede kol.
a Ps 64:2
b Ps 27:5
c Eks 1:10 2Kr 20:1 Est 3:6
d Jer 11:19 Jer 31:36
e Ps 2:2 Jes 7:5
f 2Sa 10:6 Jes 7:2
g 2Kr 20:10
h 2Kr 20:1
i 1Kr 5:10
j Ge 19:38 Jer 49:2
k Eks 15:14 Ps 60:8
l Am 1:9
m 2Kn 17:5
n Ge 19:37 De 2:9
o Nu 31:7 Rig 8:10 Jes 9:4 Jes 10:26

p Rig 4:15; q Rig 4:2; r Rig 4:7; s Jos 17:11; t 2Kn 9:37; Sef 1:17; u Rig 7:25; v Rig 8:21; w 2Kr 20:11; x Jes 17:13.

Soos stoppels voor ’n wind.[a]
14 Soos ’n vuur wat die woud verbrand[b]
En soos ’n vlam wat die berge verskroei,[c]
15 Mag u hulle só agtervolg met u orkaan[d]
En mag u hulle met u stormwind ontstel.[e]
16 Vervul hulle aangesig met oneer,[f]
Sodat mense u naam kan soek, o Jehovah.[g]
17 Laat hulle tog vir altyd beskaamd staan en ontsteld wees,[h]
En laat hulle verleë word en vergaan;[i]
18 Sodat mense kan weet[j] dat u, wie se naam Jehovah is,[k]
U alleen die Allerhoogste[l] oor die hele aarde is.[m]

Vir die musiekleier, op die Gittit.[n]
Van die kinders van Korag.
’n Melodie.

84 Hoe lieflik is u grootse tabernakel,[o]
O Jehovah van die leërs![p]
2 My siel het vurig verlang en ook gesmag na die voorhowe van Jehovah.[q]
My hart en my vlees roep met vreugde uit tot die lewende God.[r]
3 Selfs die voël het ’n huis gevind
En die swaeltjie ’n nes vir haar,
Waar sy haar kleintjies neergelê het—
U grootse altaar, o Jehovah van die leërs, my Koning en my God!
4 Gelukkig is dié wat in u huis woon![s]
Hulle hou nog aan om u te loof.[a] *Sela.*
5 Gelukkig is die mense wie se sterkte in u is,[b]
In wie se hart die grootpaaie is.[c]
6 Wanneer hulle deur die laagvlakte van die bakabosse trek,[d]
Verander hulle dit in ’n fontein;
Ja, die onderrigter[e] omhul hom met seëninge.
7 Hulle sal voortgaan met toenemende lewenskragtigheid;[f]
Elkeen verskyn voor God in Sion.[g]
8 O Jehovah, God van die leërs, hoor tog my gebed;[h]
Luister tog, o God van Jakob.[i] *Sela.*
9 O ons skild, kyk, o God,[j]
En aanskou die aangesig van u gesalfde.[k]
10 Want ’n dag in u voorhowe is beter as duisend elders.[l]
Ek het verkies om liewer by die drumpel in die huis van my God te staan[m]
As om in die tente van goddeloosheid rond te gaan.[n]
11 Want Jehovah God is ’n son[o] en ’n skild;[p]
Hy gee guns en heerlikheid.[q]
Jehovah sal niks goeds terughou van dié wat in onberispelikheid wandel nie.[r]
12 O Jehovah van die leërs, gelukkig is die mens wat op u vertrou.[s]

**HFST. 83**
a Ps 35:5; Jes 40:24; Mt 3:12
b Jer 46:23; Mal 4:1
c De 32:22; Ps 104:32; Ps 144:5; Na 1:6
d Ps 50:3; Jes 30:30
e Ps 11:6
f Ps 6:10; Ps 35:26
g Sef 2:3
h Ps 109:29
i Ps 35:26
j Ps 59:13; Ese 5:13
k Eks 6:3; Ps 68:4; Jes 42:8; Jes 54:5
l Ps 92:8; Da 4:17
m Da 4:25; Sag 4:14

**HFST. 84**
n Ps 81:Ops
o Ps 43:3; Ps 46:4
p Ps 27:4
q Ps 42:1; Ps 63:1
r Ps 9:1; 1Ti 4:10
s Ps 23:6; Ps 65:4

**Tweede kol.**
a 1Kr 25:7; Ps 150:1
b Ps 28:7
c Ps 40:8; Jer 31:33
d 2Sa 5:24
e Jes 30:20
f 1Sa 2:4; 2Sa 22:40; Ps 18:32; Jes 40:29; Hab 3:19
g De 16:16; Jer 31:6; Sag 14:16
h Ps 4:1
i Ps 17:1
j Ge 15:1
k 1Sa 2:10
l Ps 27:4; Ps 43:4; Lu 2:46
m Ps 26:8
n Ps 141:4
o Ps 27:1; Jes 60:19
p Ge 15:1; De 33:29; 2Sa 22:3; Ps 3:3; Ps 84:9; Ps 115:9; Ps 119:114; Ps 144:2; Spr 2:7
q 2Ko 3:18
r Job 1:1; Ps 34:9; Ps 37:18; Jak 1:5; s Ps 146:5; Jer 17:7.

Vir die musiekleier.
Van die kinders van Korag.
'n Melodie.

**85** U het behae geskep, o Jehovah, in u land;[a]
U het die gevangenes van Jakob teruggebring.[b]
2 U het die oortreding van u volk vergewe;[c]
U het al hulle sonde bedek.[d] *Sela.*
3 U het al u grimmigheid beheers;[e]
U het u van u gloeiende toorn afgewend.[f]
4 Laat ons terugkeer, o God van ons redding,[g]
En laat vaar u ergernis teen ons.[h]
5 Sal u tot onbepaalde tyd op ons vertoornd wees?[i]
Sal u u toorn van geslag tot geslag laat voortduur?[j]
6 Sal u ons nie weer lewend maak,[k]
Sodat u volk hulle in u kan verbly nie?[l]
7 Betoon aan ons, o Jehovah, u liefderyke goedhartigheid,[m]
En mag u aan ons u redding gee.[n]
8 Ek sal hoor wat die ware God Jehovah sal sê,[o]
Want hy sal woorde van vrede vir sy volk[p] en vir sy lojales spreek,
Maar laat hulle nie tot selfvertroue terugkeer nie.[q]
9 Waarlik, sy redding is naby dié wat hom vrees,[r]
Sodat heerlikheid in ons land kan woon.[s]
10 Wat liefderyke goedhartigheid en waaragtigheid betref, hulle het mekaar ontmoet;[a]
Regverdigheid en vrede—hulle het mekaar gekus.[b]
11 Waaragtigheid sal uit die aarde spruit,[c]
En regverdigheid sal uit die hemel afkyk.[d]
12 Ook sal Jehovah die goeie gee,[e]
En ons land sal sy opbrengs lewer.[f]
13 Regverdigheid sal voor hom uit gaan,[g]
En dit sal met sy treë 'n pad maak.[h]

'n Gebed van Dawid.

**86** Neig u oor, o Jehovah. Antwoord my,[i]
Want ek is geteisterd en arm.[j]
2 Bewaar tog my siel, want ek is lojaal.[k]
U is my God—red u kneg wat op u vertrou.[l]
3 Betoon guns aan my, o Jehovah,[m]
Want ek roep u die hele dag aan.[n]
4 Maak die siel van u kneg bly,[o]
Want tot u, o Jehovah, hef ek my siel op.[p]
5 Want u, o Jehovah, is goed[q] en vergewensgesind;[r]
En die liefderyke goedhartigheid teenoor almal wat u aanroep, is oorvloedig.[s]
6 Luister tog, o Jehovah, na my gebed;[t]
En skenk tog aandag aan die stem van my dringende versoeke.[u]

**HFST. 85**

a Le 26:42; Ps 77:7; Jl 2:18
b Esr 2:1; Ps 14:7; Ps 53:6; Jer 30:18; Jer 31:23; Ese 39:25; Jl 3:1
c Ps 32:1; Jer 50:20; Mi 7:18
d Han 13:39; Ro 4:7; Kol 2:13
e Eks 32:14
f De 13:17; Jes 12:1
g Ps 27:1; Ps 80:3
h Ps 78:38
i Ps 74:1; Ps 79:5; Ps 80:4
j Ps 103:9
k Jes 57:15; Hab 3:2
l Esr 3:11; Jer 33:11
m Ps 109:26; Klg 3:22
n Ps 50:23; Ps 119:41
o Hab 2:1; Sag 9:10; Heb 12:25
p Ps 29:11; Jes 57:19; Han 10:36
q De 8:17; Ps 78:7; Spr 30:9
r Ps 119:155; Jes 46:13; Han 10:2
s Sag 2:5

**Tweede kol.**

a Ps 100:5; Mi 7:20
b Ps 72:3; Jes 32:17
c Ps 57:10
d Jes 26:9; Jes 45:8
e Ps 84:11; Jak 1:17
f Le 26:4; De 28:8; Ps 67:6; Jes 25:6; Jes 30:23
g Ps 89:14; Jes 58:8
h Ps 119:35

**HFST. 86**

i Spr 15:29
j Ps 34:6; Jes 66:2
k 1Sa 2:9; Ps 4:3; Ps 37:28
l 2Kr 16:9; Jes 26:3
m Ps 56:1; Ps 57:1

n Ps 25:5; Ps 88:9; o Ps 51:12; p Ps 62:8; Ps 143:8; q Ps 25:8; Ps 145:9; Lu 18:19; r Ne 9:17; Jes 55:7; Da 9:9; Jl 2:13; Mi 7:18; s Ps 130:7; Ro 10:13; t Ps 17:1; u Ps 130:2.

7 In die dag van my benoudheid sal ek u aanroep,[a]
Want u sal my antwoord.[b]
8 Daar is niemand soos u onder die gode nie, o Jehovah,[c]
Ook is daar niks soos u werke nie.[d]
9 Al die nasies wat u gemaak het, sal kom,[e]
En hulle sal hulle voor u neerbuig, o Jehovah,[f]
En sal aan u naam heerlikheid gee.[g]
10 Want u is groot en doen wonderbare dinge;[h]
U is God, u alleen.[i]
11 Onderrig my, o Jehovah, aangaande u weg.[j]
Ek sal in u waarheid wandel.[k]
Verenig my hart om u naam te vrees.[l]
12 Ek prys u, o Jehovah my God, met my hele hart,[m]
En ek sal u naam tot onbepaalde tyd verheerlik,
13 Want u liefderyke goedhartigheid is groot teenoor my,[n]
En u het my siel uit Sjeool, sy laagste plek, verlos.[o]
14 O God, die vermeteles het teen my opgestaan;[p]
En die vergadering van tiranne het my siel gesoek,[q]
En hulle het u nie voor hulle gestel nie.[r]
15 Maar u, o Jehovah, is 'n barmhartige en genadige God,[s]
Wat nie gou toornig word nie[t] en oorvloedig is in liefderyke goedhartigheid en waaragtigheid.[u]
16 Wend u tot my en betoon guns aan my.[a]
Gee tog u sterkte aan u kneg,[b]
En red tog die seun van u slavin.[c]
17 Verrig ten opsigte van my 'n teken wat op goedheid dui,
Sodat my haters dit sien en beskaamd staan.[d]
Want u, o Jehovah, het my gehelp en vertroos.[e]

Van die kinders van Korag. 'n Melodie, 'n lied.

**87** Sy fondament is op die heilige berge.[f]
2 Jehovah het die poorte van Sion liewer[g]
As al die wonings van Jakob.[h]
3 Glorieryke dinge word van jou gesê, o stad van die ware God.[i] *Sela*.
4 Ek sal Ragab[j] en Babilon[k] noem onder dié wat my ken;
Kyk, Filiste'a[l] en Tirus, tesame met Kus:
"Hierdie een is daar gebore."[m]
5 En van Sion sal gesê word:
"'n Ieder en 'n elk is daarin gebore."[n]
En die Allerhoogste[o] sal dit stewig vestig.[p]
6 Wanneer Jehovah die volke opskryf, sal hy bekend maak:[q]
"Hierdie een is daar gebore."[r] *Sela*.
7 Daar sal ook sangers sowel as dansers van kringdanse wees:[s]
"Al my fonteine is in jou."[t]

**HFST. 86**
a Ps 18:6, Ps 50:15
b Ps 66:19, Ps 116:1
c Eks 15:11, Ps 89:6, Ps 96:5, Jes 40:25, Jer 10:6, Da 3:29, 1Ko 8:5
d De 3:24, Ps 33:4, Ps 104:24, Ps 111:7
e Ps 22:31, Jes 2:2, Jes 43:7, Op 15:4
f Sag 14:9, Op 7:10
g Ro 15:9
h Eks 15:11, Ps 72:18, Ps 77:14, Da 6:27
i De 6:4, De 32:39, Ps 83:18, Jes 37:16, Jes 44:6, Mr 12:29, 1Ko 8:4, Ef 4:6
j 1Kn 8:36, Ps 27:11, Ps 119:33, Ps 143:8, Jes 54:13
k Jos 24:14, 1Sa 12:24, Ps 43:3, Jes 38:3, Mal 2:6, Joh 8:32, 2Jo 4
l Pr 12:13, Jer 32:39
m Mt 22:37
n Lu 1:58
o Job 33:28, Ps 56:13, Ps 116:8
p 2Sa 15:12, Ps 54:3
q 2Sa 16:20, Mt 26:4
r Ps 10:4, Ese 8:12
s Eks 34:6, Nu 14:18, Jl 2:13, Jon 4:2
t Ne 9:17, Ps 103:8, Na 1:3
u Ps 31:5, Ps 130:7, Ps 145:8, Jl 2:13

**Tweede kol.**
a Ps 25:16, Ps 69:16
b Ps 28:7
c Ps 116:16
d Ps 71:13, Jes 41:11
e Ps 40:1, Ps 71:21

**HFST. 87** f Ps 48:1; g Ps 78:68; Ps 132:13; h Nu 24:5; i Ps 48:2; Jes 60:14; j Ps 89:10; Jes 30:7; Jes 51:9; k Jes 13:1; l Ps 83:7; m 2Sa 12:24; Ga 4:31; n Jes 54:1; Jes 54:13; o Ps 83:18; p Ro 8:31; q Ps 22:30; Lu 10:20; r Ps 87:4; Ga 4:29; s 1Kr 15:16; Ps 68:25; Ps 150:4; t Ps 46:4.

'n Lied,
'n melodie van die kinders
van Korag. Vir die musiekleier
oor Mahalat, vir wisselsang.
Maskil van Heman,[a] die Esrahiet.

**88** O Jehovah, die God van
my redding,[b]
Bedags het ek uitge-
roep,[c]
Ook snags voor u.[d]
2 Voor u sal my gebed kom.[e]
Neig u oor tot my smeken-
de geroep.[f]
3 Want my siel het genoeg ge-
had van rampspoed,[g]
En my lewe het selfs met
Sjeool in aanraking ge-
kom.[h]
4 Ek is gereken onder dié wat
na die kuil afdaal;[i]
Ek het soos 'n man sonder
krag geword,[j]
5 Vrygelaat onder die dooies,[k]
Soos gesneuweldes wat in
die graf lê,[l]
Aan wie u nie meer gedink
het nie
En wat van u helpende
hand afgesny is.[m]
6 U het my in 'n kuil van die
onderste dieptes gesit,
In donker plekke, in 'n
groot afgrond.[n]
7 U woede rus swaar op my,[o]
En met al u branders het
u my geteister.[p] *Sela.*
8 U het my kennisse ver van
my verwyder;[q]
U het my baie verfoeilik
vir hulle gemaak.[r]
Ek is opgesluit en kan nie
uitkom nie.[s]
9 My oog het weggekwyn
weens my ellende.[t]
Ek het u, o Jehovah, die
hele dag aangeroep;[u]
Na u het ek my palms uit-
gestrek.[v]
10 Sal u vir die dooies 'n won-
der doen?[w]
Of sal dié wat magteloos is
in die dood, opstaan,[a]
Sal hulle u prys?[b] *Sela.*
11 Sal u liefderyke goedhartig-
heid in die graf bekend
gemaak word,
U getrouheid in die plek
van vernietiging?[c]
12 Sal 'n wonder van u in
die duisternis bekend
word,[d]
Of u regverdigheid in die
land van vergetelheid?[e]
13 En tog het ek tot u, o Jeho-
vah, om hulp geroep,[f]
En in die oggend kom my
gebed u voortdurend
tegemoet.[g]
14 Waarom, o Jehovah, ver-
stoot u my siel?[h]
Waarom verberg u u aan-
gesig vir my?[i]
15 Ek is geteisterd en sterwend
van my seunsjare af;[j]
Ek het skrikwekkende
dinge wat van u kom, in
groot mate gedra.[k]
16 U flitse van brandende
toorn het oor my ge-
gaan;[l]
Verskrikkinge wat van u
kom, het my tot swye
gebring.[m]
17 Hulle het my die hele dag
soos waters omring;[n]
Hulle het my almal tege-
lyk omsluit.
18 U het vriend en metgesel
ver van my verwyder;[o]
My kennisse is 'n donker
plek.[p]

Maskil. Van Etan, die Esrahiet.[q]

**89** Jehovah se blyke van lief-
deryke goedhartig-
heid sal ek tot onbe-
paalde tyd besing.[r]
Van geslag tot geslag
sal ek u getrouheid

**HFST. 88**
a 1Kn 4:31
1Kr 2:6
b Ge 49:18
Ps 27:9
Ps 51:14
Ps 68:19
Jes 12:2
Lu 1:47
c Ps 86:3
d Ps 22:2
e 1Kn 8:30
Ps 79:11
f Ps 141:1
g Ps 71:20
h Ps 107:18
Jes 38:10
i Job 33:22
Ps 143:7
j Ps 31:12
k Jes 14:9
l Ese 32:18
m Ps 10:11
n Ps 143:3
o Ps 90:7
Ps 102:10
p Ps 42:7
q Job 19:13
Job 19:19
Ps 31:11
Ps 142:4
Lu 23:49
r Mt 27:22
Joh 15:23
s Klg 3:7
t Job 17:7
Ps 38:10
Ps 42:3
Klg 3:49
u Ps 55:17
Ps 86:3
v 1Kn 8:54
2Kr 6:13
Ps 143:6
w Ps 6:5

**Tweede kol.**
a Job 14:14
b Ps 30:9
Ps 115:17
Jes 38:18
c Job 26:6
Pr 3:20
d Job 10:21
Ps 143:3
e Ps 31:12
Pr 2:16
Pr 8:10
Pr 9:5
f Ps 5:3
Ps 46:1
g Ps 55:17
Ps 119:147
h Ps 43:2
i Job 13:24
Ps 13:1
j Job 17:1
k Job 6:4
l Ps 102:10
m Jes 53:8
n Ps 22:16
Ps 69:2
o Job 19:13
Ps 31:11
Ps 38:11
Ps 88:8
p Ps 142:4

**HFST. 89** q 1Kn 4:31; 1Kr 2:6; r Ps 86:12; Ps 106:1.

met my mond bekend
maak.[a]
2 Want ek het gesê: "Liefderyke goedhartigheid sal tot onbepaalde tyd gebou bly;[b]
Wat die hemele betref, daarin hou u u getrouheid stewig gevestig."[c]
3 "Ek het 'n verbond met my uitverkorene gesluit;[d]
Ek het vir my kneg Dawid gesweer:[e]
4 'Ja, tot onbepaalde tyd sal ek jou saad stewig vestig,[f]
En ek sal jou troon[g] van geslag tot geslag bou.'" *Sela.*
5 En die hemele sal u wonderdaad prys, o Jehovah,[h]
Ja, u getrouheid in die gemeente van die heiliges.
6 Want wie in die hemelruim kan met Jehovah vergelyk word?[i]
Wie is soos Jehovah onder die seuns van God?[j]
7 Vir God moet ontsag getoon word onder die intieme groep van heiliges;[k]
Hy is groot en vreesinboesemend bo almal wat rondom hom is.[l]
8 O Jehovah, God van die leërs,[m]
Wie is kragtig soos u, o Jah?[n]
En u getrouheid is rondom u.[o]
9 U heers oor die styging van die see;[p]
Wanneer hy sy golwe verhef, bring u hulle tot bedaring.[q]
10 U het Ragab verbrysel,[r] net soos iemand wat verslaan is.[s]
Deur die arm van u sterkte het u u vyande verstrooi.[t]

**HFST. 89**
a Ps 119:90
b 1Kr 16:41; Ne 1:5; Jes 54:10
c Ps 119:89; Heb 6:18
d 2Sa 7:8; 1Kn 8:16; Jes 42:1; Lu 1:32
e Ps 132:11; Jer 30:9; Ese 34:23; Ho 3:5; Joh 7:42; Han 2:30
f 2Sa 7:12; 1Kr 17:11; Op 22:16
g 2Sa 7:13; Lu 1:33; Heb 1:8
h Ps 19:1; Ps 50:6; Ps 97:6
i Eks 15:11; Ps 40:5; Ps 71:19; Ps 86:8; Ps 113:5
j Job 38:7; Ps 29:1
k Ps 76:7; Jes 6:2
l Ese 1:23; Da 7:10
m 1Sa 2:2; Ps 84:12
n Ps 24:8; Jes 40:26; Jer 32:17
o De 32:4
p Job 38:8; Ps 107:29; Jer 31:35; Na 1:4
q Ps 65:7; Ps 107:29
r Eks 14:26; Ps 87:4; Jes 30:7; Jes 51:9
s Eks 15:4
t Eks 3:20; De 4:34; Lu 1:51

**Tweede kol.**
a 1Kr 29:11
b 1Ko 10:26
c Ps 24:1; Ps 50:12
d Ge 1:1
e Job 26:7
f Jos 19:22; Rig 4:6
g De 3:8; Jos 12:1
h Ps 65:12
i Eks 6:6; De 4:34
j Eks 13:3; De 6:21; 1Pe 5:6
k Ps 44:3
l De 32:4; Ps 5:4; Ps 71:19; Ps 97:2; Ps 145:17; Spr 16:12; Op 15:3

11 Die hemel behoort aan u,[a] ook die aarde behoort aan u;[b]
Die vrugbare land en alles wat dit vul[c]—u het dit gegrondves.[d]
12 Die noorde en die suide—u het dit geskep;[e]
Tabor[f] en Hermon[g]—in u naam roep hulle met vreugde uit.[h]
13 'n Arm met mag behoort aan u,[i]
U hand is sterk,[j]
U regterhand is verhewe.[k]
14 Regverdigheid en reg is die vaste plek van u troon;[l]
Liefderyke goedhartigheid en waaragtigheid kom voor u aangesig.[m]
15 Gelukkig is die volk wat die gejuig ken.[n]
O Jehovah, in die lig van u aangesig bly hulle wandel.[o]
16 In u naam is hulle die hele dag bly[p]
En in u regverdigheid word hulle verhef.[q]
17 Want u is die prag van hulle sterkte;[r]
En deur u welwillendheid word ons horing verhef.[s]
18 Want ons skild behoort aan Jehovah,[t]
En ons koning behoort aan die Heilige van Israel.[u]
19 In dié tyd het u in 'n visioen met u lojales gepraat,[v]
En u het gesê:
"Ek het aan 'n sterke hulp verleen;[w]
Ek het 'n uitverkorene uit die volk verhef.[x]

**m** Eks 34:6; Ne 9:17; Jer 9:24; **n** Nu 10:10; Nu 23:21; Ps 98:6; **o** Jes 2:5; **p** Ps 33:21; Ps 44:8; **q** Ps 71:15; **r** Ps 28:7; **s** 1Sa 2:10; Ps 75:10; Ps 92:10; Ps 132:17; **t** Ps 47:9; **u** 2Kn 19:22; Ps 2:6; **v** Nu 12:6; 2Sa 7:4; **w** 1Sa 18:14; Jes 9:6; **x** 2Sa 7:8; 1Kn 11:34; Heb 2:17.

20 Ek het my kneg Dawid gevind;[a]
Met my heilige olie het ek hom gesalf,[b]
21 Met wie my hand bestendig sal wees,[c]
Wat my arm ook sal versterk.[d]
22 Geen vyand sal buitensporige eise aan hom oplê nie,[e]
Ook sal geen kind van onregverdigheid hom teister nie.[f]
23 En ek het sy teenstanders voor hom weg verbrysel,[g]
En dié wat hom intens haat, het ek slae bly toedien.[h]
24 En my getrouheid en my liefderyke goedhartigheid is met hom,[i]
En in my naam word sy horing verhef.[j]
25 En op die see het ek sy hand gelê[k]
En op die riviere sy regterhand.[l]
26 Hy roep tot my: 'U is my Vader,[m]
My God[n] en die Rots van my redding.'[o]
27 Ook sal ek hom as eersgeborene stel,[p]
Die hoogste van die konings van die aarde.[q]
28 Tot onbepaalde tyd sal ek my liefderyke goedhartigheid teenoor hom bewaar,[r]
En my verbond sal getrou wees teenoor hom.[s]
29 En ek sal beslis sy saad tot in ewigheid bevestig[t]
En sy troon soos die dae van die hemel.[u]
30 As sy kinders my wet verlaat[v]
En in my regterlike beslissings nie wandel nie,[w]
31 As hulle my insettinge ontheilig
En my gebooie nie onderhou nie,
32 Dan sal ek my aandag met 'n roede op hulle oortreding rig[a]
En met slae op hulle ongeregtigheid.[b]
33 Maar my liefderyke goedhartigheid sal ek nie van hom wegneem nie,[c]
Ook sal ek nie my getrouheid verloën nie.[d]
34 Ek sal my verbond nie ontheilig nie,[e]
En die woorde van my lippe sal ek nie verander nie.[f]
35 Een keer het ek in my heiligheid gesweer,[g]
Vir Dawid sal ek nie leuens vertel nie.[h]
36 Sy saad sal tot onbepaalde tyd wees,[i]
En sy troon soos die son voor my.[j]
37 Soos die maan sal dit tot onbepaalde tyd stewig gevestig wees,
En soos 'n getroue getuie in die hemelruim." *Sela*.
38 Maar u—u het verstoot en u bly verag;[k]
U het grimmig geword teen u gesalfde.[l]
39 U het die verbond van u kneg minagtend verwerp;
U het sy kroon teen die grond ontheilig.[m]
40 U het al sy klipkrale afgebreek;[n]
U het sy verskansings in puin gelê.[o]

HFST. 89
a 1Kr 17:7 Han 13:22
b 1Sa 16:13 Jes 61:1 Han 10:38
c 2Sa 7:9 Ps 80:17 Jes 42:1
d Ps 18:32
e 2Sa 7:13 1Kr 17:9 Mt 4:11
f 2Sa 17:10
g 2Sa 3:1 2Sa 7:9 2Sa 22:41
h Ps 21:8 Ps 110:1 Lu 19:27 Joh 15:24
i 2Sa 7:15 1Kr 17:13 Ps 61:7 Han 13:34
j 1Sa 2:1 Joh 17:6
k Ps 72:8
l 1Kn 4:21 Ps 80:11
m 1Kr 22:10 Mt 26:39
n Joh 20:17
o 2Sa 22:47 Ps 18:2 Lu 23:46
p 1Sa 10:1 Ps 2:7 Kol 1:18 Heb 1:5
q Nu 24:7 1Ti 6:15 Op 1:5 Op 19:16
r Han 13:34
s 2Sa 23:5 Ps 89:34 Lu 22:29
t Jes 9:7 Jer 33:17
u Heb 1:8
v 2Sa 7:14 Ps 119:53 Jer 9:13
w Jes 33:22

Tweede kol.
a 2Sa 7:14 1Kn 11:31 Spr 13:24
b Eks 32:34 1Kn 11:14 Heb 12:6
c 2Sa 7:15 1Kn 11:32 1Kn 11:36
d 1Sa 15:29 Heb 6:18
e Le 26:44 Jer 14:21 Jer 33:21
f Mal 3:6 Jak 1:17
g Ps 110:4 Am 4:2 Heb 6:17
h Nu 23:19 1Sa 15:29 Ps 132:11 Tit 1:2
i 2Sa 7:16; Ps 72:17; Jes 11:1; Jer 23:5; Sag 6:13; Joh 12:34; Op 22:16; j Jer 33:21; Da 7:14; Lu 1:33; k 1Kr 28:9; Ps 44:9; Ps 60:1; l 2Sa 24:12; Sag 13:7; m Ps 74:7; Klg 5:16; Ese 21:26; n Ps 80:12; o 2Kr 12:4; Jer 52:14; Klg 2:2.

41 Almal wat met die pad verbygaan, het hom geplunder;[a]
Hy het 'n smaad vir sy bure geword.[b]
42 U het die regterhand van sy teenstanders verhef;[c]
U het al sy vyande bly gemaak.[d]
43 Ook behandel u sy swaard weer soos 'n vyand,[e]
En u het hom in die geveg geen veld laat wen nie.[f]
44 U het sy glans laat verdwyn,[g]
En sy troon het u teen die grond neergewerp.[h]
45 U het die dae van sy jeug verkort;
U het hom met skaamte omhul.[i] *Sela.*
46 Hoe lank, o Jehovah, sal u u verborge hou? Vir altyd?[j]
Sal u woede aanhou brand net soos 'n vuur?[k]
47 Dink tog aan wat my lewensduur is.[l]
Het u al die mensekinders heeltemal tevergeefs geskep?[a]
48 Watter man lewe daar wat die dood nie sal sien nie?[b]
Kan hy aan sy siel ontkoming verskaf uit die hand van Sjeool?[c] *Sela.*
49 Waar is u vroeëre dade van liefderyke goedhartigheid, o Jehovah,
Wat u in u getrouheid aan Dawid met 'n eed beloof het?[d]
50 Dink, o Jehovah, aan die smaad van u knegte,[e]
Hoe ek in my boesem die smaad van al die baie volke dra,[f]
51 Hoe u vyande gesmaad het, o Jehovah,[g]
Hoe hulle die voetspore van u gesalfde gesmaad het.[h]
52 Mag Jehovah tot onbepaalde tyd geloof word. Amen en Amen.[i]

**HFST. 89**
a Ps 44:10, Jer 50:17
b De 28:37, Ne 5:9
c De 28:25
d Klg 1:7, Klg 2:17, Joh 16:20
e 2Kr 25:8
f Jos 7:4
g 1Kn 12:16, Klg 4:2
h Ese 21:26
i Ps 44:15, Jes 53:3, Ese 21:25
j Ps 13:1
k Ps 78:63, Ps 79:5, Jes 30:27, Jer 23:29
l Job 7:7, Ps 39:5, Ps 119:84

**Tweede kol.**
a Job 14:1, Ps 144:4, Pr 11:8
b Job 30:23, Ps 49:9, Pr 3:19, Pr 9:5, Heb 11:5
c Ps 49:15, Han 2:27
d 2Sa 7:15, Ps 132:11, Jes 55:3, Han 2:30
e Ps 44:13, Ps 74:22, Heb 11:26
f Ro 15:3
g Ps 79:10
**h** 2Sa 16:7; Mt 12:24; Mt 26:65; Joh 8:48; **i** Ne 9:5; Ps 41:13; Ps 72:18.

## VIERDE BOEK
(Psalm 90 – 106)

'n Gebed van Moses, die man van die ware God.[a]

**90** O Jehovah, u was vir ons 'n ware woonplek[b]
Van geslag tot geslag.[c]
2 Voordat die berge gebore is,[d]
Of u die aarde[e] en die vrugbare land[f] voortgebring het asof met geboortepyne,
Ja, van onbepaalde tyd tot onbepaalde tyd is u God.[g]
3 U laat die sterflike mens tot stof terugkeer,[h]
En u sê: "Keer terug, o mensekinders."[i]
4 Want duisend jaar is in u oë net soos gister wanneer dit verby is,[a]
En soos 'n nagwaak.[b]
5 U het hulle weggevee;[c] hulle word 'n blote slaap;[d]
In die oggend is hulle net soos groen gras wat verander.[e]
6 In die oggend bring dit bloeisels voort en sal dit verander;[f]
In die aand verwelk dit, en dit verdroog beslis.[g]

**HFST. 90**
a De 33:1
b De 33:27, Ps 91:1, Op 21:3
c Ps 89:1
d Spr 8:26
e Ge 1:1, Ps 146:6
f 1Sa 2:8, 1Kr 16:30, Ps 89:11, Jer 10:12
g Ps 93:2, Jes 40:28, Jes 45:22, Jer 10:10, Hab 1:12, 1Ti 1:17, Op 1:8, Op 15:3
h Pr 3:20
i Ge 3:19, Ps 104:29, Ps 146:4, Pr 12:7

**Tweede kol.** **a** 2Pe 3:8; **b** Lu 12:38; **c** Job 9:25; Job 27:21; **d** Joh 11:11; Han 7:60; 1Ko 15:20; 2Pe 3:4; **e** Ps 103:15; Jes 40:6; Jes 51:12; 1Pe 1:24; **f** Job 14:2; **g** Ps 92:7; Jak 1:11.

7 Want ons het aan ons einde gekom in u toorn,[a]
En deur u woede is ons ontstel.[b]
8 U het ons oortredings reg voor u gestel,[c]
Ons verborge dinge voor u glansende aangesig.[d]
9 Want al ons dae het tot ’n einde begin kom in u grimmigheid;[e]
Ons het ons jare voleindig net soos ’n fluistering.[f]
10 Die dae van ons jare is op sigself sewentig jaar;[g]
En as dit weens besondere krag tagtig jaar is,[h]
Is dit nietemin vol moeite en skadelike dinge;[i]
Want gou sal dit verbygaan, en ons vlieg daarheen.[j]
11 Wie ken die sterkte van u toorn[k]
En u grimmigheid ooreenkomstig die vrees vir u?[l]
12 Toon ons hoe om ons dae so te tel[m]
Dat ons ’n wyse hart[n] kan bekom.
13 Keer tog terug, o Jehovah![o] Hoe lank sal dit wees?[p]
En voel spyt oor u knegte.[q]
14 Versadig ons in die oggend met u liefderyke goedhartigheid,[r]
Sodat ons met vreugde kan uitroep en bly kan wees gedurende al ons dae.[s]
15 Gee ons vreugde ooreenkomstig die dae waarin u ons geteister het,[t]
Die jare waarin ons rampspoed gesien het.[u]
16 Laat u werk vir u knegte sigbaar word[v]
En u prag oor hulle kinders.[w]
17 En laat die lieflikheid van Jehovah ons God oor ons wees,[a]
En bevestig tog die werk van ons hande stewig oor ons.[b]
Ja, die werk van ons hande, bevestig dit tog stewig.[c]

**91** Elkeen wat in die skuilplek[d] van die Allerhoogste[e] woon,
Sal vir hom verblyf kry in die skaduwee van die Almagtige.[f]
2 Ek sal vir Jehovah sê: “U is my toevlug en my vesting,[g]
My God, op wie ek sal vertrou.”[h]
3 Want hy sal jou uit die valstrik van die voëlvanger[i] bevry,
Van die pes wat teëspoed veroorsaak.[j]
4 Met sy vlerke sal hy toegang tot jou versper,[k]
En onder sy vleuels sal jy toevlug soek.[l]
Sy waaragtigheid[m] sal ’n groot skild[n] en verskansing wees.
5 Jy sal nie bang wees vir iets vreesliks in die nag[o]
Of vir die pyl[p] wat in die dag vlieg
6 Of vir die pes wat in die donker wandel[q]
Of vir die vernietiging wat op die middaguur plunder nie.[r]
7 Duisend sal aan jou sy val
En tienduisend aan jou regterhand;
Naby jou sal dit nie kom nie.[s]

**HFST. 90**
a Nu 17:12; De 32:22
b Ro 2:8
c Le 26:39; Ps 50:21; Jer 16:17
d Ps 19:12; Spr 24:12; Heb 4:13
e Ps 78:33
f Ps 39:5
g 2Sa 5:4
h 2Sa 19:35; Lu 2:37
i Pr 12:3
j Job 14:10; Ps 78:39; Lu 12:20; Jak 4:14
k De 29:23; Hab 3:12
l Jes 33:14; Lu 12:5
m De 32:29; Ps 39:4
n Ps 51:6
o Ps 6:4
p Ps 89:46
q Eks 32:14; De 13:17; De 32:36; Ps 135:14; Am 7:3
r Ps 36:7; Ps 51:1; Ps 63:3; Ps 85:7
s Ps 86:4; Ps 149:2; Flp 4:4
t Ps 30:5; Ps 126:5; Mt 5:4; Joh 16:20
u De 2:14
v Ps 44:1
w Nu 14:31; Jos 23:14

**Tweede kol.**
a Ps 27:4
b Ps 68:28; Ps 118:25; Jes 26:12
c Ps 127:1; Spr 16:3; 1Ko 3:7

**HFST. 91**
d Ps 18:11; Ps 27:5; Ps 31:20
e Ps 32:7; Ps 83:18
f Ps 36:7; Ps 57:1
g De 32:30; Ps 18:2; Spr 18:10
h Ps 62:8; Spr 3:5
i Job 22:10; Ps 124:7
j 2Sa 24:15
k Ps 5:11

l Eks 19:4; De 32:11; Rut 2:12; Ps 17:8; Ps 57:1; Ps 61:4; m Ps 40:11; Ps 57:3; Ps 61:7; Ps 86:15; Spr 20:28; n Ge 15:1; Ps 84:11; o Ps 121:4; Ps 121:6; Spr 3:23; Jes 43:2; Jes 60:2; p Ps 64:3; Jes 54:17; q Mal 4:2; r Job 11:17; Jer 6:4; Jer 15:8; Jer 20:16; s Eks 12:13; Ps 103:3.

8 Net met jou oë sal jy toekyk[a]
En die vergelding van die goddeloses sien.[b]
9 Omdat jy gesê het: “Jehovah is my toevlug”,[c]
Het jy die Allerhoogste jou woonplek gemaak;[d]
10 Geen rampspoed sal jou tref nie,[e]
En nie eens ’n plaag sal naby jou tent kom nie.[f]
11 Want hy sal sy engele aangaande jou bevel gee[g]
Om jou op al jou weë te bewaar.[h]
12 Op hulle hande sal hulle jou dra,[i]
Sodat jy nie jou voet teen enige klip sal stamp nie.[j]
13 Op die jong leeu en die kobra sal jy trap;[k]
Jy sal die jong maanhaarleeu en die groot slang vertrap.[l]
14 Omdat hy sy geneentheid op my gerig het,[m]
Sal ek ook aan hom ontkoming verskaf.[n]
Ek sal hom beskerm omdat hy my naam leer ken het.[o]
15 Hy sal my aanroep, en ek sal hom antwoord.[p]
Ek sal met hom wees in benoudheid.[q]
Ek sal hom red en hom verheerlik.[r]
16 Met lengte van dae sal ek hom versadig,[s]
En ek sal hom redding deur my laat sien.[t]

’n Melodie, ’n lied, vir die sabbatdag.

**92** Dit is goed om Jehovah te dank[u]
En om u naam met melodieë te besing, o Allerhoogste;[v]
2 Om in die oggend u liefderyke goedhartigheid te verkondig[a]
En u getrouheid in die nagte,[b]
3 Op ’n tiensnarige instrument en op die luit,[c]
Deur weerklinkende musiek op die harp.[d]
4 Want u het my vreugde gegee, o Jehovah, weens u dade;
Weens die werke van u hande roep ek met vreugde uit.[e]
5 Hoe groot is u werke, o Jehovah![f]
Baie diep is u gedagtes.[g]
6 Geen redelose mens kan dit ken nie,[h]
En geen sot kan dit verstaan nie.[i]
7 Wanneer die goddeloses uitspruit soos die plante[j]
En almal wat skadelike dinge beoefen, bloei,
Is dit sodat hulle vir ewig verdelg kan word.[k]
8 Maar u is tot onbepaalde tyd in die hoogte, o Jehovah.[l]
9 Want kyk! u vyande, o Jehovah,[m]
Want kyk! u vyande sal vergaan;[n]
Almal wat skadelike dinge beoefen, sal van mekaar geskei word.[o]
10 Maar u sal my horing verhef soos dié van ’n wilde bul;[p]
Ek sal my met vars olie bevogtig.[q]
11 En my oog sal op my vyande neersien;[r]

**HFST. 91**
a Ps 37:34; Mal 1:5
b Jes 3:11; Mal 3:18
c Ps 142:5
d Ps 71:3; Ps 90:1
e Ps 121:7; Spr 12:21
f De 7:15; Heb 11:9
g 2Kn 6:17; Ps 34:7; Mt 18:10; Lu 4:10
h Eks 23:20; Eks 32:34; Heb 1:14
i Jes 63:9
j Ps 37:24; Mt 4:6; 1Pe 2:8
k Ge 49:17; Lu 10:19
l Jer 51:34; Op 12:9
m De 6:5; Mr 12:30; 1Jo 4:19
n Ps 18:2
o Ps 9:10; Spr 18:10; Jer 16:21; Joh 17:3
p Ps 10:17; Ps 50:15; Ro 10:13; Heb 5:7
q Ps 138:7; Jes 43:2
r 1Sa 2:30; 1Pe 1:21
s Ps 21:4; Ps 36:9; Spr 3:2
t Spr 21:31; Jes 45:17; Lu 2:30

**HFST. 92**
u Ps 33:2; Ps 50:23; Ef 5:20
v Ps 9:2

**Tweede kol.**
a Ps 89:1; Jes 63:7
b Han 16:25
c 1Kr 25:6; Ps 33:2
d 1Kr 15:16; 2Kr 29:25; Ps 81:2
e Ps 126:3
f Ps 40:5; Ps 66:3; Ps 104:24; Ps 145:4; Ps 150:2; Pr 3:11; Op 15:3
g Job 26:14; Ps 139:17; Jes 28:29; Ro 11:33
h Ps 73:22; Ps 94:8; Da 12:10
i Ps 14:1; 1Ko 2:14; j Job 12:6; Ps 37:35; Jer 12:1; Mal 3:15; k 1Sa 25:37; Ps 37:38; l Ps 83:18; m Rig 5:31; n Ps 68:1; Ps 89:10; o De 28:7; p De 33:17; 1Sa 2:1; Ps 89:24; Ps 112:9; q Ps 23:5; r Ps 37:34; Ps 91:8; Ps 112:8.

My ore sal hoor van dié wat teen my opstaan, die kwaaddoeners.

12 Die regverdige sal bloei soos 'n palmboom;[a]
Soos 'n seder op die Li′banon sal hy groot word.[b]

13 Dié wat in die huis van Jehovah geplant is,[c]
In die voorhowe van ons God,[d] hulle sal bloei.

14 Hulle sal nog in die grysheid bly floreer,[e]
Vet en vars sal hulle bly,[f]

15 Om te verkondig dat Jehovah reg is.[g]
Hy is my Rots,[h] in wie daar geen onregverdigheid is nie.[i]

**93** Jehovah het koning geword![j]
Met uitnemendheid is hy beklee;[k]
Jehovah is beklee—met sterkte het hy hom omgord.[l]
Ook word die vrugbare land stewig gevestig sodat niks dit kan laat wankel nie.[m]

2 U troon is stewig gevestig van ouds af;[n]
Van onbepaalde tyd af is u.[o]

3 Die riviere het verhef, o Jehovah,
Die riviere het hulle gebruis verhef;[p]
Die riviere hou aan om hulle gedreun te verhef.[q]

4 Bo die gebruis van baie waters, die majestueuse branders van die see,[r]
Is Jehovah majestueus[s] in die hoogte.

5 U herinneringe is baie betroubaar.[t]
Heiligheid is gepas vir u huis,[u] o Jehovah, tot in lengte van dae.[v]

**94** O God van wraak, Jehovah,[a]
O God van wraak, straal![b]

2 Verhef u, o Regter van die aarde.[c]
Bring 'n vergelding oor die hoogmoediges.[d]

3 Hoe lank sal die goddeloses, o Jehovah,[e]
Hoe lank sal die goddeloses jubel?[f]

4 Hulle laat woorde uitborrel, hulle bly onbeteueld praat;[g]
Almal wat skadelike dinge beoefen, bly met hulleself spog.[h]

5 O Jehovah, hulle bly u volk verbrysel,[i]
En hulle hou aan om u erfdeel te verdruk.[j]

6 Hulle maak die weduwee en die inwonende vreemdeling dood,[k]
En hulle vermoor die vaderlose seuns.[l]

7 En hulle bly sê: "Jah sien dit nie;[m]
En die God van Jakob verstaan dit nie."[n]

8 Verstaan tog, o redeloses onder die volk;[o]
En wat julle sotte betref, wanneer sal julle enige insig hê?[p]

9 Kan Hy wat die oor plant, nie hoor nie?[q]
Of kan Hy wat die oog vorm, nie kyk nie?[r]

10 Kan Hy wat die nasies bestraf, nie teregwys nie,[s]
Ja, Hy wat die mense kennis leer?[t]

11 Jehovah ken die gedagtes van die mense, dat dit soos 'n asemstoot is.[u]

**HFST. 92**
a Ps 52:8; Jes 65:22; Ho 14:6
b Jes 61:3
c Jes 60:21
d Ps 100:4; Ps 135:2
e Ps 71:18; Spr 16:31; Jes 40:31; Jes 46:4
f Jer 17:8
g Ps 138:5; Op 15:3
h De 32:4; Ps 18:2
i Ro 9:14

**HFST. 93**
j Ps 96:10; Ps 97:1; Jes 52:7; Op 11:17; Op 19:6
k Ps 68:34; Ps 104:1; Jes 26:10
l Ps 65:6
m Ps 18:15; Ps 96:10
n Ps 97:2; Ps 145:13
o Ps 90:2
p Ps 98:8
q Ps 148:7
r Ps 65:7; Ps 89:9
s Ps 8:1; Ps 76:4; Jes 33:21; Heb 1:3; Heb 8:1
t Ps 19:7; Ps 119:111
u Ps 11:4; Ese 43:12; Mr 11:15; 1Pe 1:16
v Ps 52:8

**Tweede kol.**

**HFST. 94**
a De 32:35; Jes 35:4; Jer 50:28; Na 1:2; Ro 12:19; 1Te 4:6; 2Te 1:6; Heb 10:30
b Ps 80:1
c Ge 18:25; Ps 7:6; Ps 50:6; Han 17:31; Ro 14:4
d Job 40:11; Ps 31:23; 1Pe 5:5
e Ps 74:10
f Ps 73:3
g Ps 59:7
h Ps 31:18; Ps 73:9; Ps 144:15
i Ps 14:4
j Jer 10:21; Jer 50:11

**k** Jes 1:23; Jes 10:2; **l** Jer 7:6; **m** Ps 10:11; Ps 59:7; Ese 8:12; **n** Ps 73:11; Jes 29:15; **o** Ps 49:10; Ps 73:22; Ps 92:6; Spr 12:1; **p** Spr 1:22; **q** Ge 21:17; Eks 4:11; Ps 55:19; Ps 69:33; **r** Ps 34:15; Spr 20:12; **s** Ps 9:5; Jes 10:12; **t** Job 35:11; Ps 25:8; Jes 28:26; Joh 6:45; **u** 1Ko 1:19; 1Ko 3:20.

12 Gelukkig is die man wat u teregwys,[a] o Jah,
En wat u uit u wet leer,[b]
13 Om hom rus te gee van dae van rampspoed,[c]
Totdat 'n kuil vir die goddelose gegrawe word.[d]
14 Want Jehovah sal sy volk nie verstoot nie,[e]
En ook sal hy sy erfdeel nie verlaat nie.[f]
15 Want die regterlike beslissing sal tot regverdigheid terugkeer,[g]
En al die opregtes van hart sal dit volg.
16 Wie sal vir my opstaan teen die kwaaddoeners?[h]
Wie sal vir my opkom teen dié wat skadelike dinge beoefen?[i]
17 As Jehovah my nie gehelp het nie,[j]
Sou my siel gou in stilte gewoon het.[k]
18 Toe ek gesê het: "My voet sal beslis wankel",[l]
Het u liefderyke goedhartigheid, o Jehovah, my bly onderskraag.[m]
19 Toe my verontrustende gedagtes binne-in my baie geword het,[n]
Het u vertroostinge my siel begin streel.[o]
20 Sal die troon wat teëspoed veroorsaak, u bondgenoot wees,[p]
Terwyl dit moeilikheid deur verordening beraam?[q]
21 Hulle rig skerp aanvalle op die siel van die regverdige[r]
En verklaar selfs die bloed van die onskuldige goddeloos.[s]
22 Maar Jehovah sal vir my 'n veilige hoogte word,[t]
En my God die rots van my toevlug.[u]
23 En hy sal hulle skadelikheid op hulle laat terugkeer[a]
En sal hulle met hulle eie rampspoed tot swye bring.[b]
Jehovah ons God sal hulle tot swye bring.[c]

95 Kom tog, laat ons met vreugde uitroep tot Jehovah![d]
Laat ons ons Rots van redding triomfantlik toeroep.[e]
2 Laat ons met danksegging voor sy aangesig kom;[f]
Laat ons hom met melodieë triomfantlik toeroep.[g]
3 Want Jehovah is 'n groot God[h]
En 'n groot Koning bo alle ander gode,[i]
4 Hy in wie se hand die diepste plekke van die aarde is[j]
En aan wie die pieke van die berge behoort;[k]
5 Aan wie die see behoort, wat hy gemaak het,[l]
En wie se hande die droë land gevorm het.[m]
6 Kom tog in, laat ons aanbid en ons neerbuig;[n]
Laat ons kniel[o] voor Jehovah, ons Maker.[p]
7 Want hy is ons God, en ons is die volk van sy weiding en die skape van sy hand.[q]
Vandag, as julle na sy stem luister,[r]
8 Moet julle julle hart nie verhard soos by Me'riba,[s]
Soos op die dag van Massa in die wildernis nie,[t]

HFST. 94
a Ps 119:71, Spr 3:11, 1Ko 11:32, Heb 12:6
b Ps 19:8, Spr 2:6, Jes 54:13
c Jes 26:20, Hab 3:16
d Ps 55:23, 2Pe 2:9
e 1Sa 12:22, Ps 37:28, Ro 11:1, Heb 13:5
f De 32:9
g Ps 19:9
h 2Kn 10:15
i Ne 5:7, Joh 7:51
j Ps 118:13, Ps 124:2, 2Ko 1:10
k Ps 13:3, Pr 9:5
l Ps 38:16, Ps 121:3
m 1Sa 2:9, Ps 37:24, Ps 117:2, Klg 3:22
n Jer 20:12, Flp 4:6
o Ps 71:21, Ps 86:17
p Pr 5:8
q 1Kn 21:10, Ps 58:2, Jes 10:1, Da 3:5, Da 6:7, Han 5:28
r Ps 59:3
s Eks 23:7, 1Kn 21:19, Spr 17:15, Han 7:58
t Ps 59:9
u Ps 18:2, Ps 62:7

Tweede kol.
a Est 7:10, Ps 7:16, Spr 2:22, Spr 5:22, 2Te 1:6
b 1Sa 26:10, Ps 7:15, Spr 26:27
c Ps 12:3

HFST. 95
d Eks 15:1, Ps 66:2
e De 32:15, 2Sa 22:47, Ps 98:4
f Ps 50:23, Ps 100:4
g Ps 105:2
h Ps 47:2, Ps 96:4, Jer 10:10, Tit 2:13
i Eks 18:11, Ps 97:9, Ps 135:5, Jes 44:8, Mal 1:14, 1Ko 8:6

j Am 9:3; k Ps 65:6; Am 4:13; l Ge 1:10; Job 38:11; Spr 8:29; Jer 5:22; m Ge 1:9; Spr 8:26; n Jes 45:23; Mt 4:10; Ro 14:11; Op 14:7; Op 22:9; o 1Kn 8:54; Esr 9:5; Ef 3:14; p Ge 2:7; Job 35:10; Ps 100:3; Mt 19:4; q Ps 23:1; Ps 48:14; Ps 79:13; Ps 80:1; Jes 40:11; Ese 34:31; r Heb 3:7; Heb 4:7; s De 32:51; Ps 105:41; 1Ko 10:4; Heb 3:15; t Eks 17:7; De 6:16; De 9:22; De 33:8; Heb 3:8.

9 Toe julle voorvaders my op die proef gestel het;[a]
Hulle het my getoets, hulle het ook my dade gesien.[b]
10 Veertig jaar lank het ek 'n weersin in daardie geslag gehad,[c]
En ek het gesê:
"Hulle is 'n volk met 'n eiesinnige hart,[d]
En hulle het my weë nie leer ken nie";[e]
11 Aangaande wie ek in my toorn gesweer het:[f]
"Hulle sal in my rusplek nie ingaan nie."[g]

96 Sing tot Jehovah 'n nuwe lied.[h]
Sing tot Jehovah, alle bewoners van die aarde.[i]
2 Sing tot Jehovah, loof sy naam.[j]
Verkondig van dag tot dag die goeie nuus van redding deur hom.[k]
3 Maak onder die nasies sy heerlikheid bekend,[l]
Onder al die volke sy wonderlike werke.[m]
4 Want Jehovah is groot[n] en baie lofwaardig.
Hy is vreesinboesemend bo alle ander gode.[o]
5 Want al die gode van die volke is waardelose gode;[p]
Maar wat Jehovah betref, hy het die hemele gemaak.[q]
6 Waardigheid en prag is voor hom;[r]
Sterkte en sieraad is in sy heiligdom.[s]
7 Skryf aan Jehovah toe, o families van die volke,[t]
Skryf aan Jehovah heerlikheid en sterkte toe.[u]
8 Skryf aan Jehovah die heerlikheid toe wat sy naam toekom,[a]
Bring 'n gawe en kom in sy voorhowe.[b]
9 Buig julle voor Jehovah neer in heilige feesgewaad;[c]
Krimp ineen van pyn weens hom, alle bewoners van die aarde.[d]
10 Sê onder die nasies: "Jehovah het koning geword.[e]
Ook word die vrugbare land stewig gevestig sodat niks dit kan laat wankel nie.[f]
Hy sal die regsaak van die volke in geregtigheid bepleit."[g]
11 Laat die hemele hulle verbly, en laat die aarde bly wees.[h]
Laat die see donder en alles wat dit vul.[i]
12 Laat die oop veld jubel en alles wat daarin is.[j]
Laat al die bome van die woud terselfdertyd met vreugde begin uitroep[k]
13 Voor Jehovah. Want hy het gekom;[l]
Want hy het gekom om die aarde te oordeel.[m]
Hy sal die vrugbare land in regverdigheid oordeel[n]
En die volke in sy getrouheid.[o]

97 Jehovah het koning geword![p] Laat die aarde bly wees.[q]
Laat die baie eilande hulle verbly.[r]
2 Wolke en dik donkerheid is rondom hom;[s]

**HFST. 95**
a Ps 78:18; 1Ko 10:9; Heb 3:9
b Nu 14:22
c Heb 3:9
d Heb 3:10
e Spr 1:7; Ro 1:28
f Nu 14:23; Heb 4:3
g Ge 2:3; Heb 3:11

**HFST. 96**
h 1Kr 16:23; Ps 33:3; Ps 40:3; Ps 98:1; Ps 149:1; Jes 42:10
i Ps 66:4
j 1Kr 29:20; Ne 9:5; Ps 72:19; Ef 1:3
k Ps 40:10; Ps 71:15; Jes 52:7; Han 13:26
l Jes 60:1; Jes 66:19; Mt 28:19; 1Pe 2:9; Op 14:6
m Ps 72:18
n Ps 145:3; Jer 32:18; Tit 2:13
o De 10:17; Ne 1:5; Ps 76:7; Ps 95:3
p 1Kr 16:26; Ps 97:7; Jes 37:19; Jes 44:10; Jer 10:11; 1Ko 8:4
q Ge 1:1; Ps 115:15; Jes 42:5
r Eks 24:10; Ps 104:1; Jes 6:1; Ese 1:27
s 1Kr 16:27; Op 4:3
t Ps 29:1
u 1Kr 29:11

**Tweede kol.**
a De 28:58; Ne 9:5; Ps 72:19
b Jes 60:6
c Ps 29:2
d 1Kr 16:30; Ps 114:7
e Ps 93:1; Ps 97:1; Op 11:15; Op 19:6
f Ps 93:1
g Ps 67:4; Ps 98:9; 1Pe 2:23
h Ps 69:34
i Ps 98:7
j Ps 65:13
k 1Kr 16:33; Ps 148:9; Jes 55:12; Ese 34:27; Ese 36:30; l Mal 3:1; Jud 14; m Ge 18:25; Ps 98:9; Han 17:31; 2Pe 3:7; n Ps 9:8; o De 32:4; Ro 3:3; **HFST. 97** p Ps 96:10; Op 11:17; Op 19:6; q Ps 69:34; Jes 49:13; r Ge 10:5; Jes 60:9; s Eks 20:21; 1Kn 8:12; Ps 18:11.

Regverdigheid en reg is die vaste plek van sy troon.[a]
3 ’n Vuur gaan voor hom uit,[b]
En dit verteer sy teenstanders rondom.[c]
4 Sy weerligstrale het die vrugbare land verlig;[d]
Die aarde het dit gesien en ineengekrimp van pyn.[e]
5 Die berge het soos was gesmelt weens Jehovah,[f]
Weens die Here van die hele aarde.[g]
6 Die hemele het sy regverdigheid verkondig,[h]
En al die volke het sy heerlikheid gesien.[i]
7 Laat almal wat enige gesnede beeld dien, beskaamd staan,[j]
Dié wat oor waardelose gode roem.[k]
Buig julle voor hom neer, o alle gode.[l]
8 Sion het dit gehoor en hom begin verbly,[m]
En die afhanklike dorpe van Juda het bly geword[n]
Weens u regterlike beslissings, o Jehovah.[o]
9 Want u, o Jehovah, is die Allerhoogste oor die hele aarde;[p]
U is baie hoog verhewe bo alle ander gode.[q]
10 O julle wat Jehovah liefhet,[r] haat die kwaad.[s]
Hy bewaar die siel van sy lojales;[t]
Uit die hand van die goddeloses verlos hy hulle.[u]
11 Lig het opgegaan vir die regverdige,[v]
En blydskap vir die opregtes van hart.[w]
12 Verbly julle in Jehovah, o regverdiges,[x]
En bring dank aan sy heilige gedagtenis.[y]

HFST. 97
a Ps 89:14 Ps 99:4 Spr 16:12
b Ps 18:8 Ps 50:3 Da 7:10 Na 1:6 Hab 3:5 Heb 12:29
c Na 1:2 Mal 4:1
d Eks 19:18 Job 36:32 Ps 77:18 Ps 144:6
e Ps 77:16 Ps 104:32 Ps 114:7 Jer 51:29 Hab 3:10
f Rig 5:5 Mi 1:4 Na 1:5 Hab 3:6
g Ps 47:2 Ps 83:18
h Ps 19:1
i Hab 2:14
j Eks 20:4 Le 26:1 Jer 10:14
k 1Sa 12:21 1Kr 16:26 Ps 96:5 Jes 37:19 Jes 41:29
l Eks 12:12 Eks 18:11 Ps 86:8 Heb 1:6
m Jes 51:3
n Ps 48:11
o Ps 19:9
p Ps 83:18
q Eks 18:11 Ps 95:3 Ps 135:5 Jes 44:8
r Mr 12:30 1Ko 8:3
s Ps 34:14 Ps 37:27 Ps 101:3 Ps 119:104 Am 5:15 Ro 7:15 Ro 12:9 Heb 1:9 Jud 23
t Ps 31:23 Ps 37:28 Ps 145:20 Spr 2:8
u Ps 37:39 Ps 125:3 Jer 15:21 Da 3:28 Mt 6:13
v Est 8:16 Job 22:28 Ps 112:4 Spr 4:18 Jes 30:26 Mi 7:9
w Ps 32:11 Spr 15:15
x Ps 33:1 Hab 3:18 Flp 4:4
y Eks 3:15 Ps 30:4 Ps 50:23 Ps 135:13

’n Melodie.

**98** SING tot Jehovah ’n nuwe lied,[a]
Want wonderbaar is die dinge wat hy gedoen het.[b]
Sy regterhand, ja, sy heilige arm, het vir hom redding verkry.[c]
2 Jehovah het sy redding bekend gemaak;[d]
Voor die oë van die nasies het hy sy regverdigheid geopenbaar.[e]
3 Hy het gedink aan sy liefderyke goedhartigheid en sy getrouheid aan die huis van Israel.[f]
Al die eindes van die aarde het die redding deur ons God gesien.[g]
4 Roep Jehovah triomfantlik toe, alle bewoners van die aarde.[h]
Wees vrolik en roep met vreugde uit en sing melodieë.[i]
5 Sing melodieë tot Jehovah met die harp,[j]
Met die harp en die stem van die melodie.[k]
6 Met die trompette en die geluid van die horing[l]
Moet julle triomfantlik uitroep voor die Koning, Jehovah.
7 Laat die see donder en alles wat dit vul,[m]
Die vrugbare land en dié wat daarop woon.[n]
8 Laat die riviere hulle hande klap;
Laat die berge tesame met vreugde uitroep[o]

---

Tweede kol. HFST. 98 a Ps 33:3; Ps 96:1; Ps 149:1; Jes 42:10; b Eks 15:11; Ps 77:14; Ps 86:10; Ps 105:5; Ps 111:2; Ps 136:4; Lu 1:49; c Eks 15:6; Ps 2:6; Ps 110:2; Jes 52:10; Jes 59:16; Jes 63:5; d Lu 2:30; e Jes 5:16; Jes 60:3; Jes 62:2; Ro 3:25; f Le 26:42; De 4:31; Lu 1:54; g Jes 49:6; Han 13:47; Han 28:28; Ro 10:18; Kol 1:23; h Ps 95:1; i Ps 67:4; j Ps 33:2; k Ps 47:1; Ps 92:3; Ef 5:19; Kol 3:16; l Nu 10:10; 1Kr 15:28; 2Kr 29:27; m Ps 96:11; n Ps 24:1; Ps 33:8; Ps 96:13; o Jes 44:23; Jes 49:13; Jes 55:12.

9 Voor Jehovah, want hy het gekom om die aarde te oordeel.[a]
Hy sal die vrugbare land met regverdigheid oordeel[b]
En die volke in geregtigheid.[c]

# 99

Jehovah het koning geword.[d] Laat die volke in beroering wees.[e]
Hy sit op die gerubs.[f] Laat die aarde sidder.[g]
2 Jehovah is groot in Sion,[h]
En hy is hoog bo al die volke.[i]
3 Laat hulle u naam prys.[j]
Groot en vreesinboesemend, heilig is dit.[k]
4 En met die sterkte van 'n koning het hy die reg liefgehad.[l]
U het opregtheid stewig bevestig.[m]
Reg en regverdigheid in Jakob het u bewerkstellig.[n]
5 Verhef Jehovah ons God[o] en buig julle neer voor sy voetbank;[p]
Hy is heilig.[q]
6 Moses en Aäron was onder sy priesters,[r]
En Samuel was onder dié wat sy naam aangeroep het.[s]
Hulle het Jehovah aangeroep, en hy het hulle bly antwoord.[t]
7 In die wolkkolom het hy met hulle bly praat.[u]
Hulle het sy herinneringe onderhou en die voorskrif wat hy aan hulle gegee het.[v]
8 O Jehovah ons God, u het hulle geantwoord.[w]
U was vir hulle 'n God wat vergifnis skenk[x]
En wat wraak uitoefen oor hulle berugte dade.[a]
9 Verhef Jehovah ons God[b]
En buig julle neer voor sy heilige berg.[c]
Want Jehovah ons God is heilig.[d]

'n Melodie van danksegging.[e]

# 100

Roep Jehovah triomfantlik toe, alle bewoners van die aarde.[f]
2 Dien Jehovah met blydskap.[g]
Kom voor hom met vreugdegeroep.[h]
3 Weet dat Jehovah God is.[i]
Ons is deur hom gemaak, nie deur onsself nie.[j]
Ons is sy volk en die skape van sy weiding.[k]
4 Gaan sy poorte in met danksegging,[l]
Sy voorhowe met lof.[m]
Dank hom, loof sy naam.[n]
5 Want Jehovah is goed;[o]
Sy liefderyke goedhartigheid is tot onbepaalde tyd,[p]
En sy getrouheid van geslag tot geslag.[q]

Van Dawid. 'n Melodie.

# 101

Oor liefderyke goedhartigheid en reg sal ek sing.[r]
U, o Jehovah, sal ek met melodieë besing.[s]
2 Ek sal op 'n onberispelike wyse oordeelkundig handel.[t]
Wanneer sal u na my toe kom?[u]

**HFST. 98**
a Ps 9:8; Ps 96:10; Han 17:31
b Op 19:2
c Ps 67:4; Ro 2:6

**HFST. 99**
d Ps 93:1; Op 11:17
e Jes 64:2
f Eks 25:22; Ps 18:10; Ps 80:1
g 1Sa 14:15; Job 9:6; Ps 82:5; Ese 38:19
h Ps 50:2
i Ps 66:7; Ps 83:18; Ps 97:9
j Ps 111:1
k De 7:21; De 28:58; Ne 9:32; Ps 8:1; Ps 66:3; Ps 148:13; Jes 29:23; Op 15:4
l Job 36:6
m Ps 98:9; Jer 9:24
n De 10:18; Jud 15
o Eks 15:2; Ps 21:13
p 1Kr 28:2; Ps 132:7; Jes 66:1; Han 7:49
q Le 19:2; 1Pe 1:16
r Eks 24:6; Nu 14:19
s 1Sa 7:9; 1Sa 12:18; Jer 15:1; Heb 11:32
t Eks 15:25; 1Sa 15:10
u Eks 19:9; Eks 33:9; Nu 12:5; Nu 14:14
v Eks 40:16; De 4:5; 1Sa 12:3
w De 9:19
x Nu 14:20; Ps 78:38; Jer 46:28; Mi 7:18

**Tweede kol.**
a Eks 34:7; Ro 3:5
b Eks 15:2; Ps 34:3; Ps 108:5; Ps 118:28
c Ps 2:6
d 1Sa 2:2; Jes 6:3; Joh 17:11

**HFST. 100**
e Ps 95:2
f Ps 47:1; Ps 95:1; Ps 98:4; g De 12:12; Ne 8:10; Flp 4:4; h Ps 95:2; i De 6:4; 1Kn 18:39; 2Kn 19:19; Jer 10:10; j Job 10:8; Ps 95:6; Ps 119:73; Ps 139:13; Ps 149:2; Mal 2:10; Han 17:24; k Ps 95:7; Ese 34:31; Joh 10:16; 1Pe 2:25; l Ps 50:23; Ps 66:13; Ps 116:17; Ps 122:2; m Ps 65:4; Ps 96:8; n Ps 96:2; Ps 145:1; Heb 13:15; o Ps 86:5; Jer 33:11; Lu 18:19; p Ps 136:1; Lu 1:50; q Eks 34:6; De 7:9; Ps 89:1; Ps 98:3;
**HFST. 101** r Ps 89:1; Op 19:2; s Ps 71:22; t 1Sa 18:14; 2Kr 31:20; u Ps 143:7.

Ek sal in my huis in die onkreukbaarheid van my hart wandel.[a]
3 Ek sal geen waardelose ding voor my oë stel nie.[b]
Die dade van die afvalliges het ek gehaat;[c]
Dit kleef my nie aan nie.[d]
4 ’n Verdorwe hart wyk van my;[e]
Ek ken niks slegs nie.[f]
5 Wie sy metgesel in die geheim belaster,[g]
Hom bring ek tot swye.[h]
Wie hoogmoedig van oë en trots van hart is,[i]
Hom kan ek nie verdra nie.[j]
6 My oë is op die getroues van die aarde,[k]
Sodat hulle by my kan woon.[l]
Wie op ’n onberispelike wyse wandel,[m]
Hy sal my dien.[n]
7 In my huis sal niemand woon wat bedrog pleeg nie.[o]
Wat ’n leuenaar betref, hy sal nie stewig bevestig word[p]
Voor my oë nie.[q]
8 Elke oggend sal ek al die goddeloses van die aarde tot swye bring,[r]
Om almal wat skadelike dinge beoefen,[s] uit die stad[t] van Jehovah uit te roei.

’n Gebed van die geteisterde as hy swak word en sy besorgdheid voor Jehovah uitstort.[u]

**102** O Jehovah, hoor tog my gebed;[v]
En mag my hulpgeroep tot u kom.[w]
2 Moenie u aangesig vir my verberg op die dag dat ek in groot nood verkeer nie.[x]
Neig u oor tot my;[a]
Haas u, antwoord my, op die dag dat ek roep.[b]
3 Want my dae het tot ’n einde gekom net soos rook,[c]
En my gebeente is rooiwarm gemaak net soos ’n vuurherd.[d]
4 My hart is getref net soos die plante en is verdor,[e]
Want ek het vergeet om my voedsel te eet.[f]
5 Weens die geluid van my gesug[g]
Het my gebeente aan my vlees gekleef.[h]
6 Ek is soos die pelikaan van die wildernis.[i]
Ek het soos ’n steenuil van verwoeste plekke geword.
7 Ek is uitgeteer,
En ek het soos ’n eensame voël op ’n dak geword.[j]
8 Die hele dag het my vyande my gesmaad.[k]
Dié wat my vir die gek hou, het selfs by my gesweer.[l]
9 Want ek het as net soos brood geëet;[m]
En wat ek drink, het ek met gehuil gemeng,[n]
10 Weens u veroordeling en u verontwaardiging;[o]
Want u het my opgehef, sodat u my kon wegwerp.[p]
11 My dae is soos ’n skaduwee wat lank geword het,[q]
En ek is verdor soos blote plante.[r]
12 Wat u betref, o Jehovah, tot onbepaalde tyd sal u bly,[s]

**HFST. 101**
a 1Kn 9:4; 1Kn 11:4; Ps 78:72; Jes 38:3
b De 15:9; Jos 23:6; Ps 40:4
c Eks 32:8; 1Sa 12:20; Ps 97:10; Ps 119:128; Spr 8:13; Spr 13:5; Sef 1:6; Ro 12:9; Heb 1:9; Heb 10:38; 2Pe 2:21; Jud 23
d De 13:17
e Spr 11:20; Spr 17:20
f Mt 7:23; Flp 4:8; 2Ti 2:19
g Le 19:16; Ps 50:20; Spr 20:19; Tit 2:3
h 1Ko 5:11; 2Ko 6:14; 2Jo 10
i Job 40:11; Ps 18:27; Spr 6:17; Jes 2:11; Lu 18:14; 1Pe 5:5
j 2Te 3:14
k Ps 34:15; Lu 12:42
l 2Ko 13:11
m Ps 119:1
n Joh 12:26
o Ps 32:2; Ps 52:2
p 2Kn 5:26; Han 1:16; Han 5:3
q 1Ko 5:11
r Ps 75:10; Spr 20:8; Jer 21:12
s 1Ko 6:9; 2Ko 6:17; Op 21:27; Op 22:14
t Ps 48:2

**HFST. 102**
u Ps 61:2; Ps 142:2
v Ps 5:2; Ps 55:1; Da 9:17
w Eks 2:23; 1Sa 9:16; Ps 18:6; Ps 145:19
x Job 34:29; Ps 13:1; Ps 27:9; Ps 69:17; Ps 88:14; Klg 1:20

**Tweede kol.**
a Ps 71:2; Ps 88:2
b Ps 143:7; Jes 65:24

c Ps 119:83; Jak 4:14; d Job 30:30; Ps 31:10; Klg 1:13; e Ps 102:11; Ps 143:4; Jes 40:7; f Esr 10:6; g Ps 6:6; Ps 38:8; h Job 19:20; Spr 17:22; Klg 4:8; i Jes 34:11; Sef 2:14; j Ps 38:11; k Ps 31:11; Ps 42:10; Ps 74:10; Ps 79:4; Ps 89:51; Ro 15:3; l Han 23:12; m Klg 3:15; n Ps 42:3; Ps 80:5; o Ps 30:7; Ps 38:3; Ps 90:7; p 2Kr 25:8; q Job 14:2; Ps 39:5; Ps 109:23; Ps 144:4; Jak 4:14; r Ps 102:4; Jes 40:7; Jak 1:10; 1Pe 1:24; s Ps 9:7; Ps 90:2; Klg 5:19.

En u gedagtenis sal van geslag tot geslag wees.[a]
13 U sal opstaan, u sal Sion barmhartig wees,[b]
Want dit is die tyd om hom gunstiggesind te wees,
Want die vasgestelde tyd het gekom.[c]
14 Want u knegte het behae geskep in sy klippe,[d]
En op sy stof rig hulle hulle guns.[e]
15 En die nasies sal die naam van Jehovah vrees[f]
En al die konings van die aarde u heerlikheid.[g]
16 Want Jehovah sal Sion beslis opbou;[h]
Hy sal in sy heerlikheid verskyn.[i]
17 Hy sal hom beslis wend tot die gebed van dié wat alles ontneem is[j]
En hulle gebed nie verag nie.[k]
18 Dit word vir die toekomstige geslag opgeskryf;[l]
En die volk wat geskep gaan word, sal Jah loof.[m]
19 Want hy het uit sy heilige hoogte afgekyk,[n]
Ja, uit die hemel het Jehovah na die aarde gekyk,[o]
20 Om die gesug van die gevangene te hoor,[p]
Om dié wat vir die dood bestem is, los te maak;[q]
21 Sodat die naam van Jehovah in Sion bekend gemaak kan word[r]
En sy lof in Jerusalem,[s]
22 Wanneer die volke almal bymekaargebring word,[t]
En die koninkryke, om Jehovah te dien.[u]
23 Op die weg het hy my krag aangetas,[v]
Hy het my dae verkort.[w]
24 Ek het gesê: "O my God,
Moet my nie in die helfte van my dae wegneem nie;[a]
U jare is deur al die geslagte heen.[b]
25 Lank gelede het u die fondamente van die aarde gelê,[c]
En die hemele is die werk van u hande.[d]
26 Hulle sal vergaan, maar u sal bly bestaan;[e]
En net soos 'n kleed sal hulle almal verslyt.[f]
Net soos klere sal u hulle vervang, en hulle beurt sal tot 'n einde kom.[g]
27 Maar u is dieselfde, en u jare sal nie tot 'n einde kom nie.[h]
28 Die kinders van u knegte sal in hulle woonplek bly;[i]
En voor u sal hulle nageslag stewig gevestig word."[j]

Van Dawid.

**103** Loof Jehovah, o my siel,[k]
Ja, alles wat in my is, sy heilige naam.[l]
2 Loof Jehovah, o my siel,
En moenie al sy dade vergeet nie,[m]
3 Hy wat al jou oortredings vergewe,[n]
Wat al jou kwale genees,[o]
4 Wat jou lewe uit die kuil terugeis,[p]
Wat jou met liefderyke goedhartigheid en barmhartighede kroon,[q]
5 Wat jou hele lewe met die goeie versadig;[r]

**HFST. 102**
a Eks 3:15; Ps 97:12; Ps 135:13
b Ps 51:18; Ps 69:35; Jes 49:15; Jes 60:10; Jer 31:12; Sag 2:10
c Esr 1:1; Jes 40:2; Da 9:2
d Ne 2:3; Ne 4:6; Ps 137:5; Da 9:16
e Ps 79:1
f 1Kn 8:43; Ps 86:9; Op 15:4
g Ps 138:4; Jes 60:3; Sag 8:22
h Ps 51:18; Ps 147:2; Jer 33:7
i Jes 6:1; Jes 60:1
j Ps 72:12; Da 9:21
k Ps 22:24
l Ps 71:18; Ps 78:4; Ro 15:4; 1Ko 10:11
m Ps 22:31; Ps 45:17; Jes 43:21
n De 26:15; 2Kr 16:9; Ps 14:2
o Ps 33:13; Ps 113:6
p Eks 3:7; Ps 79:11; Jes 61:1
q 2Kr 33:13
r Ps 9:14; Ps 22:22
s Jes 51:11
t Ge 49:10; Jes 11:10; Jes 49:22
u Ps 72:11; Jes 60:3
v Ps 89:40
w Job 21:21; Ps 89:45

**Tweede kol.**
a Jes 38:10
b Ps 90:2; Ps 102:12; Hab 1:12; Op 1:8
c Ge 1:1; Ge 2:1; Job 38:4; Jes 48:13; Sag 12:1
d Ps 8:3; Ps 8:6; Heb 1:10
e Jes 34:4
f Jes 51:6; Heb 1:11
g Heb 1:12
h Job 36:26; Ps 90:4; Mal 3:6; Jak 1:17
i Ps 69:36

j 2Sa 7:12; Ps 90:16; Jes 66:22; **HFST. 103** k Ps 104:1; l Ps 86:12; Ps 145:2; Mr 12:30; m De 8:2; Ps 105:5; Jes 63:7; n 2Sa 12:13; Ps 130:8; Jes 43:25; o Eks 15:26; De 7:15; Ps 41:3; Ps 147:3; Jes 33:24; Jer 17:14; Jak 5:15; Op 21:4; p Ps 34:22; Ps 56:13; Ps 69:18; q Spr 3:3; Mi 7:18; r Ps 23:5; Ps 65:4; 1Ti 6:17.

Jou jeug word deurentyd
vernuwe net soos dié
van ’n arend.[a]
6 Jehovah volbring dade van
regverdigheid[b]
En regterlike beslissings
vir almal wat te kort
gedoen word.[c]
7 Hy het sy weë aan Moses be-
kend gemaak,[d]
Sy handelinge ook aan die
kinders van Israel.[e]
8 Jehovah is barmhartig en
genadig,[f]
Word nie gou toornig
nie en is oorvloedig in
liefderyke goedhartig-
heid.[g]
9 Hy sal nie vir altyd verwyt
nie,[h]
Ook sal hy nie tot onbe-
paalde tyd gebelg bly
nie.[i]
10 Hy het nie met ons gehandel
volgens ons sondes nie;[j]
Ook het hy nie volgens
ons oortredings oor ons
gebring wat ons ver-
dien nie.[k]
11 Want soos die hemel hoër is
as die aarde,[l]
Is sy liefderyke goedhar-
tigheid groter teenoor
dié wat hom vrees.[m]
12 So ver as die sonsopgang
verwyderd is van die
sonsondergang,[n]
So ver het hy ons oortre-
dings van ons verwy-
der.[o]
13 Soos ’n vader barmhartig-
heid aan sy kinders be-
wys,[p]
Het Jehovah barmhartig-
heid bewys aan dié wat
hom vrees.[q]
14 Want hy weet goed hoe ons
gevorm is,[r]
Gedagtig dat ons stof is.[s]

HFST. 103
a Ps 51:12; Jes 40:31
b Ps 5:8; Ps 9:8; Ps 71:2; Ps 146:7
c De 24:14; Ps 12:5; Spr 22:23; Jak 5:4
d Eks 24:4; Nu 12:8; De 34:10; Ne 9:14; Han 7:35
e Ps 147:19
f Eks 34:6; Ne 9:17; Jes 55:7; Jak 5:11
g Nu 14:18; De 5:10; Ne 9:17; Ps 86:15; Jer 32:18; Jl 2:13; Jon 4:2; Na 1:3
h Ps 30:5; Jer 33:8; Jer 50:20
i Jes 57:16
j Ne 9:31; Ps 130:3
k Esr 9:13; Ps 130:3; Jes 55:7
l Ps 36:5; Ps 57:10; Ps 108:4; Jes 55:9
m Ps 103:17
n Ps 113:3
o Le 16:22; Jes 43:25; Jer 31:34
p Jes 49:15; Mal 3:17
q Ps 78:38; Jak 5:15
r Ps 78:39; Ps 89:47
s Ge 2:7; Ge 3:19; Ge 8:21; Job 10:9; Pr 12:7; Jes 64:8

Tweede kol.
a Ps 90:5; Jes 51:12; 1Pe 1:24
b Job 14:2; Jes 40:6; Jak 1:11; 1Pe 1:24
c Job 27:21; Jes 40:7
d Job 7:10; Job 20:9
e Ps 100:5; Ps 118:1; Ps 136:1
f Ps 112:1; Ps 128:1; Lu 1:50
g Eks 20:6; Ps 22:31
h Eks 19:5; De 7:9; Ps 25:10

15 Wat die sterflike mens be-
tref, sy dae is soos dié
van groen gras;[a]
Soos ’n bloeisel van die
veld, so bloei hy.[b]
16 Want net ’n wind hoef daar-
oor te gaan, en dit is nie
meer nie;[c]
En sy plek sal hom nie
meer erken nie.[d]
17 Maar die liefderyke goed-
hartigheid van Jehovah
is van onbepaalde tyd,
ja, tot onbepaalde tyd[e]
Teenoor dié wat hom
vrees,[f]
En sy regverdigheid vir
die kindskinders,[g]
18 Teenoor dié wat sy ver-
bond hou[h]
En teenoor dié wat aan sy
bevele dink om dit uit
te voer.[i]
19 Jehovah het sy troon stewig
gevestig in die hemel;[j]
En oor alles het sy ko-
ningskap heerskappy
gevoer.[k]
20 Loof Jehovah, o sy engele,[l]
magtig in krag, wat sy
woord uitvoer,[m]
Deur na die stem van sy
woord te luister.[n]
21 Loof Jehovah, al sy leërs,[o]
Sy dienaars, wat sy wil
doen.[p]
22 Loof Jehovah, al sy werke,[q]
Op al die plekke van sy
heerskappy.[r]
Loof Jehovah, o my siel.[s]

**104** Loof Jehovah, o my
siel.[t]
O Jehovah my God, u
is baie groot.[u]

---

**i** Ps 119:11; Spr 3:1; **j** 2Kr 20:6; Ps 11:4; Ps 115:3; Jes 66:1; Mt 23:22; Han 7:49; **k** Ps 47:2; Ps 145:13; Jes 14:26; Da 4:25; **l** 2Kr 18:18; Da 7:10; **m** Jos 5:14; 2Kn 19:35; Ps 148:2; Lu 1:19; Heb 1:14; Op 7:12; **n** Mt 4:4; **o** 1Kn 22:19; Ps 148:2; Jes 1:24; Lu 2:13; **p** Mt 13:41; Heb 1:7; **q** Ps 150:6; **r** Ps 89:11; Ps 145:13; **s** Ps 145:10; **HFST. 104** **t** Ps 103:1; **u** Ps 48:1; Ps 77:13; Ps 86:10; Da 9:4.

Met waardigheid en prag het u u beklee,[a]
2 Deurdat u u met die lig omhul soos met ’n kleed,[b]
Die hemel uitspan soos ’n tentdoek,[c]
3 Die Een wat sy bovertrekke met balke in die waters bou,[d]
Wat die wolke sy wa maak,[e]
Wat op die vleuels van die wind wandel,[f]
4 Wat sy engele geeste maak,[g]
Sy dienaars ’n verterende vuur.[h]
5 Hy het die aarde op sy vaste plekke gegrondves;[i]
Tot onbepaalde tyd of tot in ewigheid sal niks dit laat wankel nie.[j]
6 Met ’n waterdiepte net soos ’n kleed het u dit oordek.[k]
Die waters het bo die berge gestaan.[l]
7 Weens u bestrawwing het hulle begin vlug;[m]
By die geluid van u donder is hulle in paniek op die vlug gejaag—
8 Berge het opgerys,[n]
Valleivlaktes het weggesak—
Na die plek wat u vir hulle gegrondves het.
9 ’n Grens het u gestel, wat hulle nie mag oorskry nie,[o]
Sodat hulle die aarde nie weer sou oordek nie.[p]
10 Hy stuur fonteine in die stroomvalleie;[q]
Tussen die berge bly hulle vloei.
11 Hulle laat al die wilde diere van die oop veld voortdurend drink;[r]
Die sebras[s] les gereeld hulle dors.
12 Bo hulle woon die voëls van die hemel;[a]
Tussen die digte blare uit laat hulle aanhoudend hulle stem hoor.[b]
13 Hy laat die berge uit sy bovertrekke drink.[c]
Met die vrug van u werke word die aarde versadig.[d]
14 Hy laat groen gras uitspruit vir die diere,[e]
En plante tot nut van die mens,[f]
Om voedsel uit die aarde te laat voortkom,[g]
15 En wyn wat die hart van die sterflike mens vrolik maak,[h]
Om die gesig te laat blink van olie,[i]
En brood wat die hart van die sterflike mens versterk.[j]
16 Die bome van Jehovah word versadig,
Die seders van die Li′banon wat hy geplant het,[k]
17 Waar die voëls nes maak.[l]
Wat die ooievaar betref, die jenewerbome is sy huis.[m]
18 Die hoë berge[n] is vir die bergbokke;[o]
Die kranse is ’n toevlug vir die klipdassies.[p]
19 Hy het die maan vir vasgestelde tye gemaak;[q]
Die son weet goed waar dit ondergaan.[r]
20 U veroorsaak duisternis, sodat dit nag word;[s]
Waarin al die wilde diere van die woud uitkom.
21 Die jong maanhaarleeus brul om prooi[t]

HFST. 104

a 1Kr 16:27; Job 37:22; Ps 8:1; Ps 96:6; Ese 1:28; Da 7:9
b Jak 1:17; 1Jo 1:5
c Jes 40:22; Jes 45:12
d Ps 18:11; Am 9:6
e De 33:26; Jes 19:1
f 2Sa 22:11; Job 38:1; Job 40:6; Ps 18:10
g 1Kn 22:21; Heb 1:7
h Ese 1:13; Heb 1:14
i Job 26:7; Job 38:6; Ps 24:2; Spr 3:19
j Ps 93:1; Ps 96:10; Pr 1:4
k Ge 1:2; Spr 3:20
l Job 38:9; Spr 8:28; 2Pe 3:5
m Ge 1:9; Ge 8:1
n Ge 8:5; Spr 8:25
o Job 26:10; Job 38:10; Ps 33:7; Spr 8:29; Jer 5:22
p Ge 9:11
q De 8:7; Jes 41:18
r Ps 145:16
s Job 39:5

Tweede kol.

a Ps 84:3; Lu 9:58
b Ps 147:9
c De 11:11; Job 38:37; Ps 147:8; Jer 10:13; Am 9:6; Sag 10:1; Mt 5:45; Han 14:17
d Ps 65:9
e Ge 1:30; 1Kn 18:5; Jer 14:6; Jl 2:22
f Ge 1:29; Ge 3:18; Ge 9:3; Job 38:27; Heb 6:7
g Job 28:5; 1Ko 3:7
h Rig 9:13; 2Sa 13:28; Est 1:10; Spr 31:6; Pr 2:3; Pr 9:7; Pr 10:19
i Ps 92:10
j Jer 37:21

k Ps 92:12; Ese 17:23; l Da 4:21; m Jer 8:7; n Jes 18:6; o Job 39:1; Ps 50:10; p Spr 30:26; q Ge 1:16; Ps 136:9; Jer 31:35; 1Ko 15:41; r Ps 19:6; s Ge 1:5; Ps 74:16; Jes 45:7; t Job 38:39; Jes 31:4; Am 3:4.

En om hulle voedsel van
God te soek.[a]
22 Die son begin skyn[b]—hulle
trek hulle terug
En gaan lê in hulle skuil-
plekke.
23 Die mens gaan uit na sy
werk[c]
En na sy diens tot die
aand toe.[d]
24 Hoe talryk is u werke, o Je-
hovah![e]
U het hulle almal in wys-
heid gemaak.[f]
Die aarde is vol van wat u
voortgebring het.[g]
25 Wat hierdie see betref, so
groot en wyd,[h]
Daarin is bewegende din-
ge sonder tal,[i]
Diere, klein sowel as
groot.[j]
26 Daar gaan die skepe;[k]
Wat die Levia′tan[l] betref,
hom het u gevorm om
daarin te speel.[m]
27 Hulle almal—op u bly hul-
le wag[n]
Om hulle hulle voedsel op
die regte tyd te gee.[o]
28 Wat u hulle gee, tel hul-
le op.[p]
U maak u hand oop—hul-
le word versadig met
goeie dinge.[q]
29 As u u aangesig verberg,
raak hulle ontsteld.[r]
As u hulle gees wegneem,
sterf hulle,[s]
En hulle keer terug tot
hulle stof.[t]
30 As u u gees uitstuur, word
hulle geskep;[u]
En u vernuwe die gelaat
van die aarde.
31 Die heerlikheid van Jeho-
vah sal tot onbepaalde
tyd wees.[v]
Jehovah sal hom in sy
werke verbly.[w]
32 Hy kyk na die aarde, en dit
bewe;[a]
Hy raak aan die berge, en
hulle rook.[b]
33 Ek sal my hele lewe lank tot
Jehovah sing;[c]
Ek sal my God met me-
lodieë besing solank ek
daar is.[d]
34 Laat my gepeins oor hom
aangenaam wees.[e]
Ek sal my in Jehovah ver-
bly.[f]
35 Die sondaars sal van die aar-
de af uitgewis word;[g]
En wat die goddeloses be-
tref, hulle sal daar nie
meer wees nie.[h]
Loof Jehovah, o my siel.
LOOF Jah![i]

# 105

DANK Jehovah, roep sy
naam aan,[j]
Maak onder die volke
sy handelinge be-
kend.[k]
2 Sing tot hom, besing hom
met melodieë,[l]
Oordink al sy wonderlike
werke.[m]
3 ROEM in sy heilige naam.[n]
Laat die hart van dié
wat Jehovah soek, bly
wees.[o]
4 Soek Jehovah en sy sterk-
te.[p]
Soek voortdurend sy aan-
gesig.[q]
5 Dink aan sy wonderlike
werke wat hy verrig
het,[r]
Sy wonderwerke en die
regterlike beslissings
van sy mond,[s]
6 O saad van Abraham, sy
kneg,[t]

HFST. 104

a Ps 147:9 Jl 1:20
b 2Sa 23:4 Na 3:17
c Ge 3:19 Ef 4:28
d Rig 19:16 2Te 3:8
e Ne 9:6
f Ps 136:5 Spr 3:19 Jer 10:12
g Ps 24:1 Ps 50:12
h Ps 95:5
i Ge 1:21
j Job 12:8
k Ps 107:23
l Job 41:1
m Job 40:20 Job 41:5
n Ps 36:6
o Ps 136:25 Ps 145:15 Ps 147:9 Mt 6:26 Mt 24:45
p Lu 12:24
q Ps 107:9 Ps 145:16
r Ps 30:7
s Job 12:10 Job 34:14 Ps 146:4 Pr 8:8 Pr 12:7 Jes 42:5 Han 17:25
t Ge 3:19 Pr 3:20
u Nu 27:16 Job 33:4 Ps 33:6 Jes 32:15 Ese 37:9 Han 17:28
v Ps 102:16 Ro 11:36 Ga 1:5
w Ge 1:31 Eks 31:17 Jes 65:19 Jer 32:41

Tweede kol.

a Hab 3:10
b Eks 19:18 Ps 144:5
c Ps 13:6 Ps 21:13 Ps 68:4
d Ps 63:4 Ps 146:2
e Ps 63:6
f Ps 32:11 Ps 64:10
g Ps 37:38 Ps 101:8 Spr 2:22
h Ps 37:10
i Ps 103:2 Ps 104:1 Ps 150:6

HFST. 105

j 1Kr 16:8 Ps 136:1 Jes 12:4 Jl 2:32 Ro 10:13

k Ps 89:1; Ps 96:3; Ps 145:12; l Rig 5:3; 1Kr 16:9; Ps 47:6; Ef 5:19; m Ps 77:12; Ps 78:4; Ps 119:27; n 1Kr 16:10; Jer 9:24; 1Ko 1:31; o Ps 119:2; Flp 4:4; p Am 5:4; Sef 2:3; q 1Kr 16:11; Ps 27:8; r De 7:18; Ps 77:11; s De 7:19; Ps 119:13; t Eks 3:6; Jes 41:8; Mt 3:9; 2Ko 11:22.

O kinders van Jakob, sy uitverkorenes.[a]
7 Hy is Jehovah ons God.[b]
Sy regterlike beslissings is oor die hele aarde.[c]
8 Hy het aan sy verbond gedink, ja, tot onbepaalde tyd,[d]
Die woord wat hy beveel het, tot in duisend geslagte,[e]
9 Die verbond wat hy met Abraham gesluit het,[f]
En sy beëdigde verklaring aan Isak,[g]
10 Die verklaring wat hy vir Jakob as 'n voorskrif in stand gehou het,
Vir Israel as 'n verbond wat tot onbepaalde tyd duur,[h]
11 Toe hy gesê het: "Aan jou sal ek die land Kanaän gee[i]
As julle toegemete erfdeel."[j]
12 Dit was toe hulle min in getal was,[k]
Ja, baie min, en inwonende vreemdelinge daarin.[l]
13 En hulle het van nasie tot nasie bly rondtrek,[m]
Van die een koninkryk na 'n ander volk.[n]
14 Hy het geen mens toegelaat om hulle te kort te doen nie,[o]
Maar ter wille van hulle het hy konings teregggewys,[p]
15 Deur te sê: "MOENIE aan my gesalfdes raak nie,[q]
En moet my profete geen kwaad aandoen nie."[r]
16 En hy het 'n hongersnood oor die land geroep;[s]
Hy het elke staf verbreek waaraan ringvormige brode gehang is.[t]

HFST. 105
a Eks 19:5
b Eks 20:2 De 29:13 Jos 24:24 Ps 100:3
c Jes 26:9 Op 15:4
d 1Kr 16:15 Ne 1:5 Da 9:4 Lu 1:72
e De 7:9
f Ge 17:2 Ge 22:17 Ge 26:3 Ne 9:8 Lu 1:73
g Heb 6:17
h Ge 17:7 1Kr 16:17
i Ge 12:7 Ge 13:15 Ge 15:18 Ge 26:3 Ge 28:13
j Ps 78:55
k Ge 34:30 Jes 51:2
l Ge 17:8 Ge 23:4 Han 7:5 Heb 11:9
m Ge 20:1 Ge 46:6
n 1Kr 16:20
o Ge 31:42 Job 1:10
p Ge 12:17 Ge 20:3
q Sag 2:8
r Ge 26:11 1Kr 16:22
s Ge 41:30 Ge 41:54 Ge 42:5
t Le 26:26 Jes 3:1 Ese 4:16 Han 7:11

Tweede kol.
a Ge 37:28 Ge 37:36 Ge 45:5 Ge 50:20 Han 7:9
b Ge 39:20
c Ps 107:10
d Han 7:10
e Ps 17:3 Ps 26:2 Ps 66:10
f Ge 41:14
g Ge 41:40 1Sa 2:8 Job 36:7 Da 2:48
h Ge 41:48 Ge 45:8
i Ps 113:8
j Ge 41:33 Ge 41:38 Jes 19:11
k Ge 46:4 Ge 46:6 Jos 24:4 Han 7:15
l Ps 78:51 Ps 106:22

17 Hy het 'n man voor hulle uit gestuur
Wat as slaaf verkoop is, Josef.[a]
18 Met boeie het hulle sy voete geknel,[b]
In ysters het sy siel gekom;[c]
19 Tot die tyd dat sy woord gekom het,[d]
Het die woord van Jehovah hom gelouter.[e]
20 Die koning het gestuur om hom vry te stel,[f]
Die heerser van die volke, om hom los te laat.
21 Hy het hom as heer oor sy huis aangestel[g]
En as heerser oor al sy eiendom,[h]
22 Om sy vorste volgens die behae van sy siel te bind[i]
En sodat hy selfs sy bejaarde manne wysheid sou leer.[j]
23 En Israel het na Egipte gekom,[k]
En Jakob het as 'n vreemdeling in die land van Gam gewoon.[l]
24 En hy het sy volk baie vrugbaar bly maak[m]
En hulle geleidelik magtiger laat word as hulle teenstanders.[n]
25 Hy het hulle hart laat verander, om sy volk te haat,[o]
Om listig teen sy knegte te handel.[p]
26 Hy het Moses, sy kneg, gestuur,[q]
Aäron, wat hy uitgekies het.[r]
27 Hulle het die aangeleenthede van sy tekens onder hulle gestel,[s]

**m** Ge 46:3; Eks 1:7; De 26:5; Han 7:17; **n** Eks 1:9; **o** Eks 10:1; Ro 9:18; **p** Eks 1:10; Han 7:19; **q** Eks 3:10; Eks 4:12; Eks 6:11; Ps 77:20; Han 7:34; **r** Eks 4:14; Eks 7:1; Eks 28:1; Nu 17:5; 1Sa 12:6; **s** De 4:34; Ne 9:10; Ps 78:43; Jer 32:21.

En die wonderwerke in die land van Gam.[a]
28 Hy het duisternis gestuur en dit so donker gemaak;[b]
En hulle het nie teen sy woorde in opstand gekom nie.[c]
29 Hy het hulle waters in bloed verander[d]
En hulle visse gedood.[e]
30 Hulle land het gewemel van paddas,[f]
In die binnekamers van hulle konings.
31 Hy het gesê dat die steekvlieë moes kom,[g]
Muggies in al hulle gebiede.[h]
32 Hy het hulle stortreëns hael gemaak,[i]
'n Vlammende vuur oor hulle land.[j]
33 En hy het hulle wingerdstokke en hulle vyebome geslaan
En die bome van hulle gebied verbreek.[k]
34 Hy het gesê dat die sprinkane moes kom,[l]
En 'n sprinkaansoort, ja, sonder tal.[m]
35 En hulle het al die plante in hulle land opgeëet;[n]
Hulle het ook die vrugte van hulle grond opgeeet.
36 En hy het elke eersgeborene in hulle land getref,[o]
Die begin van hulle volle voortplantingsvermoë.[p]
37 En hy het hulle met silwer en goud begin uitlei;[q]
En onder sy stamme was daar niemand wat struikelend voortbeweeg het nie.
38 Egipte het hom verbly toe hulle uittrek,
Want vrees vir hulle het op hulle geval.[a]
39 Hy het 'n wolk as dekkleed uitgesprei,[b]
En vuur om snags lig te gee.[c]
40 Hulle het gevra, en hy het kwartels gebring,[d]
En met brood uit die hemel het hy hulle bly versadig.[e]
41 Hy het 'n rots oopgemaak, en waters het begin uitvloei;[f]
Dit het soos 'n rivier deur die waterlose streke geloop.[g]
42 Want hy het gedink aan sy heilige woord aan sy kneg Abraham.[h]
43 So het hy sy volk met verheuging uitgelei,[i]
Sy uitverkorenes met vreugdegeroep.[j]
44 En hy het die lande van die nasies geleidelik aan hulle gegee,[k]
En hulle het die vrug van die harde werk van volksgroepe in besit bly neem,[l]
45 Sodat hulle sy voorskrifte sou onderhou[m]
En sy wette sou bewaar.[n]
LOOF Jah![o]

# 106

LOOF Jah![p]
Dank Jehovah, want hy is goed;[q]
Want sy liefderyke goedhartigheid is tot onbepaalde tyd.[r]
2 Wie kan die magtige dade van Jehovah in woorde uitdruk[s]
Of al sy lof laat hoor?[t]
3 Gelukkig is dié wat die reg bewaar,[u]

HFST. 105
a Ps 106:22
b Eks 10:22
c Ps 99:7
d Eks 7:20 Ps 78:44
e Eks 7:21
f Eks 8:6 Ps 78:45
g Eks 8:24
h Eks 8:17
i Eks 9:23 Job 38:23 Ps 78:47
j Ps 78:48
k Eks 9:25
l Eks 10:13 De 28:38 Ps 78:46
m Eks 10:14
n Eks 10:15
o Eks 12:29 Ps 78:51 Ps 135:8
p Ge 49:3
q Ge 15:14 Eks 3:22 Eks 12:35

Tweede kol.
a Eks 11:7 Eks 12:33
b Eks 14:20
c Eks 13:21 Nu 9:15 Ne 9:12 Ps 78:14
d Eks 16:13 Nu 11:32 Ps 78:27
e Eks 16:15 Ps 78:24
f Eks 17:6 1Ko 10:4
g Ps 78:16 Jes 48:21
h Ge 12:7 Ge 15:14 Eks 2:24 De 9:5 Lu 1:72
i Nu 33:3 Han 13:17
j Ps 106:12 Jes 51:10
k De 6:10 Jos 11:23 Jos 21:43 Ne 9:22 Ps 78:55 Ps 135:12 Han 7:45 Han 13:19
l De 6:10 Jos 5:11 Ps 44:2
m De 4:40 De 6:1
n Ps 19:7
o Ps 150:1 Op 19:6

HFST. 106
p Ps 117:1
q 1Kr 16:34 Esr 3:11 Ps 107:1 Lu 18:19 1Te 5:18
r Ps 103:17
s Ps 40:5

t Ne 9:5; u Ps 119:2; Jes 56:1.

Wat te alle tye regverdigheid beoefen.[a]
4 Dink aan my, o Jehovah, met die welwillendheid teenoor u volk.[b]
Sorg vir my met u redding,[c]
5 Sodat ek die goedheid teenoor u uitverkorenes[d] kan sien,
Sodat ek bly kan wees met die blydskap van u nasie,[e]
Sodat ek met u erfdeel kan roem.[f]
6 Ons het gesondig, net soos ons voorvaders;[g]
Ons het verkeerd gedoen; ons het goddeloos gehandel.[h]
7 Wat ons voorvaders in Egipte betref,
Hulle het geen insig in u wonderlike werke getoon nie.[i]
Hulle het nie aan die oorvloed van u grootse liefderyke goedhartigheid gedink nie,[j]
Maar hulle het hulle opstandig gedra by die see, by die Rooi See.[k]
8 En hy het hulle ter wille van sy naam gered,[l]
Om sy mag bekend te maak.[m]
9 Toe het hy die Rooi See bestraf, en dit het geleidelik opgedroog;[n]
En hy het hulle deur die waterdiepte laat gaan soos deur die wildernis;[o]
10 En so het hy hulle uit die hand van die hater gered[p]
En hulle uit die hand van die vyand teruggeëis.[q]
11 En die waters het hulle teenstanders bedek;[r]
Nie een van hulle het oorgebly nie.[a]
12 Toe het hulle geloof in sy woord gehad;[b]
Hulle het sy lof begin sing.[c]
13 Gou het hulle sy werke vergeet;[d]
Hulle het nie op sy raad gewag nie.[e]
14 Maar hulle het hulle selfsugtige begeerte in die wildernis getoon[f]
En God in die woestyn op die proef gestel.[g]
15 En hy het hulle gegee wat hulle gevra het[h]
En 'n uitterende siekte in hulle siel gestuur.[i]
16 En hulle het in die kamp afgunstig geword op Moses,[j]
Selfs op Aäron, die heilige van Jehovah.[k]
17 Die aarde het toe oopgegaan en Datan ingesluk[l]
En die vergadering van Abi'ram bedek.[m]
18 En 'n vuur het onder hulle vergadering gebrand;[n]
'n Vlam het die goddeloses verteer.[o]
19 Verder het hulle 'n kalf in Horeb gemaak[p]
En hulle voor 'n gegote beeld neergebuig,[q]
20 Sodat hulle my heerlikheid verruil het[r]
Vir 'n afbeelding van 'n bul, wat plante eet.[s]
21 Hulle het God, hulle Redder, vergeet,[t]
Wat groot dinge in Egipte gedoen het,[u]
22 Wonderlike werke in die land van Gam,[v]
Vreesinboesemende dinge by die Rooi See.[w]

**HFST. 106**

a Ps 15:2, Jes 64:5, Han 24:16, Ga 6:9
b Ne 5:19, Ps 51:18, Ps 119:132, Lu 2:14
c Ps 3:8
d Eks 19:5, 1Pe 2:9
e Ps 14:7
f Jer 9:24, 1Ko 1:31
g Le 26:40, Ne 9:16, Ps 78:8
h 1Kn 8:47, Esr 9:6, Da 9:5
i Jes 44:18
j Ps 78:42, Jes 63:7
k Eks 14:11
l Jos 7:9, Ps 143:11, Ese 20:14
m Eks 9:16, Ro 9:17
n Eks 14:21, Jos 2:10, Ne 9:11, Ps 66:6, Ps 78:13, Ps 136:13
o Ne 9:11, Ps 77:19, Ps 136:14, Jes 63:13
p Eks 14:30, Lu 1:71
q Jes 41:11, Jes 49:26, Mi 6:4
r Eks 14:28, Eks 15:5, De 11:4, Jos 24:7, Ps 78:53

**Tweede kol.**

a Eks 14:13
b Eks 14:31
c Eks 15:1
d Eks 15:24, Eks 16:2, Eks 17:7, Ps 78:11
e Jes 48:18
f Nu 11:4, De 9:22, 1Ko 10:6
g Eks 17:2, Nu 14:22, Ps 78:18, 1Ko 10:9, Heb 3:9
h Nu 11:31, Ps 78:29
i Nu 11:33
j Nu 16:3
k Le 21:8, Nu 16:7
l Nu 16:32
m Nu 16:27, Nu 26:10, De 11:6
n Nu 16:35
o Heb 12:29
p Eks 32:4, Ne 9:18
q De 9:12

r Jes 42:8; Jer 2:11; s Eks 20:4; Ro 1:23; t De 32:18; Ps 78:42; u De 4:34; Ps 135:9; v Ps 78:51; Ps 105:27; w Eks 14:25.

23 En hy het op die punt gestaan om te sê dat hulle verdelg moes word,[a]
As Moses, sy uitverkorene, nie daar was nie,
Wat voor hom in die gaping gestaan het[b]
Om sy woede af te wend, sodat hy hulle nie sou vernietig nie.[c]
24 En hulle het die begeerlike land verag;[d]
Hulle het geen geloof in sy woord gehad nie.[e]
25 En hulle het in hulle tente bly kla;[f]
Hulle het nie na die stem van Jehovah geluister nie.[g]
26 Toe het hy sy hand met betrekking tot hulle in 'n eed opgehef,[h]
Dat hy hulle in die wildernis sou laat val,[i]
27 En dat hy hulle nageslag onder die nasies sou laat val,[j]
En dat hy hulle in die lande sou verstrooi.[k]
28 En hulle het hulle aan Baäl van Peor begin verbind[l]
En die offerandes van die lewelose dinge geëet.[m]
29 Aangesien hulle deur hulle handelinge aanstoot gegee het,[n]
Het 'n plaag toe onder hulle uitgebreek.[o]
30 Toe Pi'nehas opgestaan en ingegryp het,[p]
Is die plaag gestuit.
31 En dit is hom as regverdigheid toegereken
Van geslag tot geslag, tot onbepaalde tyd.[q]
32 Verder het hulle by die waters van Me'riba toorn verwek,[r]
Sodat dit met Moses sleg gegaan het weens hulle.[a]
33 Want hulle het sy gees verbitterd laat word,
En hy het onbesonne met sy lippe begin praat.[b]
34 Hulle het nie die volke verdelg[c]
Soos Jehovah vir hulle gesê het nie.[d]
35 En hulle het hulle met die nasies vermeng[e]
En hulle werke geleer.[f]
36 En hulle het hulle afgode bly dien,[g]
En dié het vir hulle 'n strik geword.[h]
37 En hulle het hulle seuns
En hulle dogters aan demone geoffer.[i]
38 So het hulle onskuldige bloed bly vergiet,[j]
Die bloed van hulle seuns en hulle dogters,
Wat hulle aan die afgode van Kanaän geoffer het;[k]
En die land is met bloedvergieting besoedel.[l]
39 En hulle het deur hulle werke onrein geword[m]
En voortdurend onsedelike gemeenskap deur hulle handelinge gehad.[n]
40 En die toorn van Jehovah het teen sy volk ontvlam,[o]
En hy het sy erfdeel begin verfoei.[p]
41 En hy het hulle herhaaldelik in die hand van die nasies gegee,[q]
Sodat hulle haters oor hulle sou heers,[r]
42 En sodat hulle vyande hulle sou onderdruk,

**HFST. 106**
a Eks 32:10 De 9:14 Ese 20:13
b Eks 32:11 De 9:19 Jak 5:16
c Ese 22:30
d Nu 13:32 De 8:7 Jer 3:19 Ese 20:6
e Nu 14:11 Heb 3:19
f Nu 14:2 Nu 14:27 De 1:27
g Nu 14:22
h Eks 6:8 Heb 3:11
i Nu 14:29
j De 4:27
k Le 26:33 Ps 44:11 Ese 20:23
l Nu 25:3 Nu 31:16 De 4:3 De 32:17 Ho 9:10
m Ps 115:7 Op 2:14
n Nu 25:6 De 32:16
o Nu 25:9 1Ko 10:8
p Nu 25:8 Jos 7:12
q Nu 25:13
r Nu 20:2 Nu 27:14 De 32:51

**Tweede kol.**
a Nu 20:12 De 1:37
b Nu 20:10 Job 2:10 Ps 141:3 Spr 16:32 Jak 3:2
c Jos 16:10 Jos 17:12 Rig 1:21
d Nu 33:52 De 7:2 Rig 2:2
e Jos 15:63 Rig 1:33 Ho 7:8
f Jes 2:6 1Ko 5:6 1Ko 15:33
g Rig 2:12 2Kn 17:12 Ho 4:17
h Eks 23:33 Rig 2:3
i De 12:31 De 32:17 2Kn 16:3 2Kn 17:17 Jes 57:5 Jer 7:31 Ese 16:20 1Ko 10:20
j De 21:9 2Kn 21:16 Jer 2:34 Ho 12:14
k Ese 16:20
l Nu 35:33 Jes 26:21

**m** Jes 24:5; Ese 20:18; **n** Eks 34:16; Le 17:7; Nu 15:39; Jer 3:9; Ese 20:30; **o** Rig 2:14; Ps 78:59; **p** De 9:29; De 32:19; **q** De 32:30; Rig 3:8; **r** Rig 10:8.

En sodat hulle onder hulle hand onderwerp sou word.[a]
43 Talle kere het hy hulle verlos,[b]
Maar hulle het hulle opstandig gedra in hulle ongehoorsame weg,[c]
En dan is hulle verlaag weens hulle oortreding.[d]
44 En hy het hulle benoudheid gesien[e]
Wanneer hy hulle smekende geroep gehoor het.[f]
45 En dan het hy met betrekking tot hulle aan sy verbond gedink[g]
En spyt gevoel ooreenkomstig die oorvloed van sy grootse liefderyke goedhartigheid.[h]
46 En dan het hy hulle voorwerpe van medelye laat word
Voor almal wat hulle gevange hou.[a]
47 Red ons, o Jehovah ons God,[b]
En maak ons bymekaar uit die nasies[c]
Om dank te bring aan u heilige naam,[d]
Om met vreugde tot u lof te spreek.[e]
48 Mag Jehovah, die God van Israel, geloof word[f]
Van onbepaalde tyd, ja, tot onbepaalde tyd;
En die hele volk moet sê: Amen.[g]
LOOF Jah![h]

HFST. 106

a De 28:25
b Rig 2:16 Rig 10:12 1Sa 12:11 Ne 9:27
c Rig 4:1 Rig 5:8 Ese 2:3
d Rig 6:5
e Rig 2:18
f Rig 3:9 Rig 4:3 Rig 10:15 1Sa 7:8 Ne 9:28
g Le 26:42 2Kn 13:23 Ps 105:8 Lu 1:72
h Eks 34:6 Nu 14:18 De 32:36 Rig 2:18 2Sa 24:16 Ps 51:1 Ps 69:16 Ps 86:15 Ps 90:13 Jes 63:7 Klg 3:32 Jl 2:13

Tweede kol.

a 1Kn 8:50 Esr 9:9 Jer 42:12
b 1Kr 16:35; Ps 79:9; c Jer 32:37; Ese 36:24; d Ps 103:1; Ps 105:3; e Jes 43:21; f 1Kr 29:10; Ps 41:13; Lu 1:68; g 1Ko 14:16; h Ps 106:1.

## BOEK VYF
(Psalm 107 – 150)

**107** O DANK Jehovah, want hy is goed;[a]
Want sy liefderyke goedhartigheid is tot onbepaalde tyd.[b]
2 Só moet dié sê wat deur Jehovah teruggeëis is,[c]
Wat hy uit die hand van die teenstander teruggeëis het,[d]
3 En wat hy selfs uit die lande bymekaargemaak het,[e]
Van die sonsopgang en van die sonsondergang af,[f]
Uit die noorde en uit die suide.[g]
4 Hulle het rondgedwaal in die wildernis,[h] in die woestyn;[i]
Hulle het geen pad gevind na 'n stad om in te woon nie.[j]
5 Hulle was honger, ook dors;[a]
Hulle siel in hulle het begin versmag.[b]
6 En hulle het tot Jehovah bly roep in hulle benoudheid;[c]
Uit hulle angste het hy hulle verlos[d]
7 En hulle op die regte pad laat wandel,[e]
Sodat hulle by 'n stad kon kom om in te woon.[f]
8 Laat mense Jehovah dank vir sy liefderyke goedhartigheid[g]
En vir sy wonderlike werke teenoor die mensekinders.[h]
9 Want hy het die uitgedroogde siel versadig;[i]

HFST. 107

a 1Kr 16:34 Ps 118:1 Lu 18:19
b Ps 103:17
c De 15:15 Ps 31:5 Lu 1:68 1Pe 1:19
d De 7:8 Ps 106:10 Jes 35:10 Jer 15:21 Mi 4:10 Lu 1:74
e Ps 106:47
f Jes 43:5 Jes 49:12 Jer 29:14 Mt 24:31
g Jes 43:6 Jer 31:8 Ese 39:27 Lu 13:29
h Nu 14:33 De 8:15
i De 32:10 Heb 11:38
j Heb 11:10

Tweede kol.

a Eks 15:24
b Eks 16:3 Klg 2:19
c Ps 50:15 Ps 91:15 Ho 5:15
d Jes 41:17; 2Ti 3:11; e Esr 8:21; Ps 78:52; Jes 30:21; 2Pe 2:21; f Ne 11:3; g 1Kr 16:8; Ps 136:1; h Ps 40:5; Op 15:3; i Jes 55:2.

En die honger siel het hy met goeie dinge gevul.[a]
10 Daar was dié wat in duisternis en diep skaduwee gewoon het,[b]
Gevangenes in ellende en ysters.[c]
11 Want hulle het hulle opstandig gedra[d] teen die woorde van God;[e]
En die raad van die Allerhoogste het hulle geminag.[f]
12 Daarom het hy hulle hart deur moeite onderwerp;[g]
Hulle het gestruikel, en daar was geen helper nie.[h]
13 En hulle het tot Jehovah om hulp begin roep in hulle benoudheid;[i]
Uit hulle angste het hy hulle soos gewoonlik gered.[j]
14 Hy het hulle uit duisternis en diep skaduwee uitgebring[k]
En selfs hulle bande stukkend geskeur.[l]
15 Laat mense Jehovah dank vir sy liefderyke goedhartigheid[m]
En vir sy wonderlike werke teenoor die mensekinders.[n]
16 Want hy het die koperdeure verbreek,[o]
En hy het selfs die ystergrendels stukkend geslaan.[p]
17 Dié wat dwaas was, weens die weg van hulle oortreding[q]
En weens hulle ongeregtighede, het uiteindelik vir hulleself ellende veroorsaak.[r]
18 Hulle siel het elke soort voedsel verfoei,[s]

HFST. 107
a Ps 34:10, Ps 146:7, Jer 31:14, Lu 1:53
b Lu 1:79
c 2Kr 33:11, Job 36:8, Ps 105:18, Ps 149:8
d Klg 3:42
e Ps 106:43
f 2Kr 33:10, Ps 73:24, Spr 1:25, Lu 7:30
g Le 26:21, Rig 10:15, Lu 15:17
h 2Kn 6:27, Ps 22:11
i Rig 4:3, Rig 6:6, Rig 10:10, 2Kr 33:12
j Rig 10:12
k Ps 68:6, Jes 49:9, Ef 5:8, 1Pe 2:9
l Ps 146:7, Jes 61:1, Han 12:7, Han 16:26
m Klg 3:22
n Ps 92:5
o Jes 45:1
p Jes 45:2
q Spr 1:7, Klg 3:39
r Nu 11:33, Ps 38:5, Jer 2:19, Ga 6:7, 2Pe 2:13
s Job 33:20

Tweede kol.
a Job 33:22, Job 38:17, Ps 9:13, Ps 88:3, Ps 116:3, Op 1:18
b Jer 33:3
c Ps 34:6
d Nu 21:8, 2Kn 20:5, Ps 30:2, Ps 103:3, Ps 147:3
e Job 33:28, Ps 30:3, Ps 49:15, Ps 56:13, Ps 103:4
f Ps 138:2
g Ps 66:5
h Le 7:12, Ps 50:14, Ps 116:17, Heb 13:15, 1Pe 2:5
i Ps 9:11, Ps 73:28, Ps 118:17
j 1Kn 9:27, Ese 27:26
k 2Kr 9:21, Ese 27:9, Op 18:17
l Ps 95:5

En hulle het by die poorte van die dood gekom.[a]
19 En hulle het tot Jehovah om hulp begin roep in hulle benoudheid;[b]
Uit hulle angste het hy hulle soos gewoonlik gered.[c]
20 Hy het sy woord gestuur en hulle genees[d]
En aan hulle ontkoming uit hulle kuile verskaf.[e]
21 Laat mense Jehovah dank vir sy liefderyke goedhartigheid[f]
En vir sy wonderlike werke teenoor die mensekinders.[g]
22 En laat hulle dankoffers bring[h]
En sy werke met vreugdegeroep bekend maak.[i]
23 Dié wat na die see afgaan in die skepe,[j]
Wat handel dryf op uitgestrekte waters,[k]
24 Hulle het die werke van Jehovah gesien[l]
En sy wonderlike werke in die dieptes;[m]
25 Hoe hy die woord spreek en 'n stormwind laat opsteek,[n]
Sodat dit die golwe daarvan ophef.[o]
26 Hulle rys op na die hemel,
Hulle daal af na die dieptes.
Weens die rampspoed smelt hulle siel.[p]
27 Hulle steier en waggel soos 'n dronk man,[q]
En al hulle wysheid is verward.[r]
28 En hulle begin tot Jehovah roep in hulle benoudheid,[s]

m Ge 1:21; Ps 104:25; n Ps 135:7; Ps 148:8; Jer 10:13; Jon 1:4; o Ps 93:4; p 2Sa 17:10; Ps 22:14; Jes 13:7; Na 2:10; q Job 12:25; Jes 19:14; r Jes 19:3; Jon 1:5; s Jon 1:14.

En uit hulle angste lei hy hulle.[a]
29 Hy bring die windstorm tot bedaring,[b]
Sodat die golwe van die see stil word.[c]
30 En hulle is bly omdat dit tot rus kom,
En hy lei hulle na die hawe van hulle welbehae.[d]
31 Laat mense Jehovah dank vir sy liefderyke goedhartigheid[e]
En vir sy wonderlike werke teenoor die mensekinders.[f]
32 En laat hulle hom in die gemeente van die volk verhef;[g]
En laat hulle hom in die sitplek van die bejaarde manne loof.[h]
33 Hy verander riviere in 'n wildernis,[i]
En waterfonteine in 'n dorsland,[j]
34 Vrugbare land in brak grond,[k]
Weens die slegtheid van dié wat daarin woon.
35 Hy verander 'n wildernis in 'n waterpoel vol riete,[l]
En die land van 'n waterlose streek in waterfonteine.[m]
36 En daar laat hy dié woon wat honger is,[n]
Sodat hulle 'n stad stig om in te woon.[o]
37 En hulle besaai lande en plant wingerde,[p]
Sodat dit vrugbare oeste sal oplewer.[q]
38 En hy seën hulle sodat hulle talryk word;[r]
En hy laat hulle beeste nie min word nie.[s]
39 Weer word hulle min en gaan gebuk[t]
Onder druk, rampspoed en droefheid.[a]
40 Hy stort veragting oor edeles uit,[b]
Sodat hy hulle in 'n barre plek laat ronddwaal, waar daar geen pad is nie.[c]
41 Maar hy beskerm die arme teen ellende[d]
En laat hom families word net soos 'n kudde.[e]
42 Die regskapenes sien dit en is bly;[f]
Maar wat alle onregverdigheid betref, dit moet sy mond sluit.[g]
43 Wie is wys? Hy sal op hierdie dinge ag gee[h]
En op Jehovah se dade van liefderyke goedhartigheid let.[i]

'n Lied. 'n Melodie van Dawid.

**108** My hart is standvastig, o God.[j]
Ek sal sing en melodieë speel,[k]
Ja, my heerlikheid sal.[l]
2 Word tog wakker, o snaarinstrument; ook jy, o harp.[m]
Ek sal die dagbreek wakker maak.[n]
3 Ek sal u prys onder die volke, o Jehovah;[o]
En ek sal u met melodieë besing onder die volksgroepe.[p]
4 Want u liefderyke goedhartigheid is groot tot aan die hemele,[q]
En u waaragtigheid tot aan die hemelruim.[r]
5 O wees verhewe bo die hemele, o God;[s]
En laat u heerlikheid bo die hele aarde wees.[t]

**HFST. 107**
a Jon 2:10
b Ps 89:9 Jon 1:15
c Ge 8:1 Ps 65:7
d Joh 6:21
e Ps 50:23 Ps 86:13
f Ps 72:18 Ps 105:5 Op 15:3
g Ps 22:22 Ps 40:9 Ps 111:1
h Job 29:7 Han 4:8
i 1Kn 17:7 Jes 19:5 Jes 42:15
j 1Kn 18:5 Jer 14:3 Am 4:7
k Ge 13:10 Ge 19:25 De 29:23
l Ps 114:8 Jes 35:7 Jes 41:18
m 2Kn 3:17
n Ps 146:7 Lu 1:53
o Ps 107:7
p Jes 65:21 Jer 29:5
q Ge 26:12 Han 14:17
r Eks 1:7 De 7:13
s Ge 30:43 De 7:14
t 1Sa 2:7

**Tweede kol.**
a Rig 6:3 2Kn 10:32 2Kn 13:7 2Kr 15:5 Jer 51:34
b 1Kn 21:19 2Kn 24:15 2Kn 25:7
c Job 12:24
d 1Sa 2:8
e Ps 78:52
f Job 22:19 Ps 52:6 Ps 58:10
g Eks 11:7 Ps 63:11 Ro 3:19
h De 4:6 Ps 64:9 Spr 1:5 Jer 9:12 Ho 14:9
i Ps 77:12 Ps 143:5 Jer 9:24

**HFST. 108**
j Ps 57:7
k Ps 104:33 Han 16:25 Ef 5:19
l Ps 16:9
m Ps 33:2 Ps 81:2 Ps 149:3
n Ps 57:8

o Ps 138:1; Ps 145:12; p Ps 57:9; q Ps 36:5; Ps 57:10; Ps 103:11; r Ps 71:22; s Ps 8:1; Ps 57:5; t Ps 57:11.

6 Sodat u geliefdes gered kan word[a]—
Red tog met u regterhand en antwoord my.[b]
7 God het in sy heiligheid gespreek:[c]
“Ek sal my verheug, ek sal Sigem[d] as ’n deel gee;[e]
En die laagvlakte van Sukkot[f] sal ek afmeet.
8 Gi′lead[g] behoort aan my; Manas′se[h] behoort aan my;
En E′fraim is die vesting van my hoofman;[i]
Juda is my aanvoerderstaf.[j]
9 Moab[k] is my waspot.[l]
Op Edom[m] sal ek my sandaal werp.[n]
Oor Filiste′a[o] sal ek triomfantlik uitroep.”[p]
10 Wie sal my na die versterkte stad bring?[q]
Wie sal my tot by Edom lei?[r]
11 Is dit nie u, o God, wat ons verstoot het[s]
En wat nie saam met ons leërs uittrek as God nie?[t]
12 Gee ons tog hulp uit benoudheid,[u]
Want redding deur die mens is waardeloos.[v]
13 Deur God sal ons lewenskragtigheid verkry,[w]
die koning, die gewigtige
boodskap[a] wat sy moeder hom
ter teregwysing gegee het:[b]

**2** Wat sê ek, o my seun, en
wat, o seun van my moeder-
skoot,[c] en wat, o seun van my
geloftes?[d]

**3** Moenie jou lewenskragtig-
heid aan vroue gee nie,[e] en ook
nie jou weë aan wat tot die uit-
wissing van konings lei nie.[f]

**4** Dit is nie gepas vir konings
nie, o Le′muel, dit is nie gepas
vir konings om wyn te drink
of vir hoë amptenare om te
sê: “Waar is sterk drank?” nie,[g]
**5** sodat hy nie drink en ver-
geet wat verorden is en die reg-
saak van enigeen van die kin-
ders van ellende verdraai nie.[h]
**6** GEE sterk drank aan die een
wat op die punt staan om om te
kom[i] en wyn aan dié wat bitter
van siel is.[j] **7** Laat hy drink
en sy armoede vergeet, en laat
hy aan sy eie moeilikheid nie
meer dink nie.

**8** Maak jou mond oop vir die
stomme,[k] in die regsaak van al-
mal wat besig is om te ver-
gaan.[l] **9** Maak jou mond oop,
oordeel regverdig en bepleit die
regsaak van die geteisterde en
die arme.[m]

א [*’A′lef*]

**10** Wie kan ’n bekwame vrou
vind?[n] Haar waarde is baie
meer as dié van korale.

ב [*Bet*]

**11** In haar het die hart van
haar eienaar vertroue gestel,
en aan wins ontbreek dit nie.[o]

ג [*Gi′mel*]

**12** Sy het hom met die goeie
beloon, en nie met kwaad nie, al
die dae van haar lewe.[p]

**HFST. 30**
a Spr 7:11; Jer 6:15
b Spr 19:10; Pr 10:7; Jes 3:4
c De 8:12; 1Sa 25:36
d Spr 21:19; Spr 27:15
e Ge 16:5
f Job 12:7; Job 35:11
g Spr 6:6
h Spr 6:8
i Le 11:5
j Ps 104:18
k Eks 10:14; Ps 105:34; Jl 1:4
l Jl 2:7
m Le 11:30
n Nu 23:24; Rig 14:5; Rig 14:18; Jes 31:4
o 2Sa 10:18
p 2Sa 15:4; Est 5:11; Spr 26:12; Ro 12:16
q Job 21:5; Spr 27:2
r Spr 26:21; Spr 28:25

**Tweede kol.**

**HFST. 31**
a Spr 30:1; 2Ti 3:16
b Spr 1:8; Spr 6:20; 2Ti 1:5; 2Ti 3:15
c Ps 71:6; Jes 49:15
d 1Sa 1:11; 1Sa 1:28
e Ho 4:11
f De 17:17; 1Kn 11:3; Ne 13:26
g Le 10:9; Est 3:15; Pr 10:17; Jes 28:7; Da 5:4; Ho 4:11
h Hab 2:5
i Ps 104:15; Mt 27:34
j Jer 16:7
k 1Sa 19:4; 1Sa 22:14; Est 4:14; Est 7:3; Ps 82:4
l Ps 79:11
m De 1:17; 2Sa 8:15; Ps 58:11; Ps 72:2; Jes 11:4; Jer 22:3; Joh 7:24; Heb 1:9; Op 19:11
n Rut 3:11; Spr 12:4; Spr 19:14

**o** 1Pe 3:7; **p** 1Pe 3:6.

ד [*Da′let*]

**13** Sy het wol en linne gesoek, en sy werk aan alles waarin haar hande behae het.[a]

ה [*He′*]

**14** Sy is soos die skepe van ’n koopman.[b] Van ver af bring sy haar voedsel in.

ו [*Wau*]

**15** Sy staan ook op terwyl dit nog nag is[c] en gee voedsel aan haar huisgesin en die voorgeskrewe deel aan haar jong vroue.[d]

ז [*Sa′jin*]

**16** Sy het ’n stuk grond oorweeg en dit verkry;[e] van die vrug van haar hande het sy ’n wingerd geplant.[f]

ח [*Get*]

**17** Sy het haar heupe met sterkte omgord, en sy gee haar arms krag.[g]

ט [*Tet*]

**18** Sy het bemerk dat dit goed gaan met haar handeldrywery; haar lamp gaan snags nie uit nie.[h]

י [*Jod*]

**19** Haar hande het sy na die spinstok uitgesteek, en haar eie hande gryp die spoel vas.[i]

כ [*Kaf*]

**20** Haar palm het sy na die geteisterde uitgestrek, en haar hande het sy na die arme uitgesteek.[j]

ל [*La′med*]

**21** Sy vrees nie vir haar huisgesin weens die sneeu nie, want haar hele huisgesin is in dubbele klere geklee.[k]

מ [*Mem*]

**22** Dekens[l] het sy vir haarself gemaak. Haar klere is van linne en purperrooigekleurde wol.[a]

נ [*Noen*]

**23** Haar eienaar[b] is iemand wat bekend is in die poorte,[c] wanneer hy saam met die ouer manne van die land gaan sit.

ס [*Sa′mek*]

**24** Sy het selfs onderkledingstukke[d] gemaak en dit verkoop, en gordels het sy aan die handelaars gelewer.

ע [*‘A′jin*]

**25** Sterkte en prag is haar kleding,[e] en sy lag oor ’n toekomstige dag.[f]

פ [*Pe′*]

**26** Haar mond het sy in wysheid oopgemaak,[g] en die wet van liefderyke goedhartigheid is op haar tong.[h]

צ [*Tsa·de′*]

**27** Sy waak oor die werksaamhede van haar huisgesin, en die brood van luiheid eet sy nie.[i]

ק [*Kof*]

**28** Haar seuns het opgestaan en haar gelukkig genoem;[j] haar eienaar staan op, en hy prys haar.[k]

ר [*Resj*]

**29** Baie dogters[l] was bekwaam, maar jy—jy het bo hulle almal uitgestyg.[m]

ש [*Sjin*]

**30** Bekoorlikheid kan vals wees,[n] en skoonheid kan nietig wees;[o] maar die vrou wat Jehovah vrees, sy verwerf lof vir haarself.[p]

ת [*Tau*]

**31** GEE haar van die vrug van haar hande,[q] en laat haar werke haar selfs in die poorte prys.[r]

**HFST. 31**
a 1Sa 2:19 Han 9:39 Tit 2:5
b 2Kr 9:21 Ps 107:23
c Joh 20:1
d 1Ti 5:10
e Jos 15:19
f Spr 10:4 Spr 13:4 Spr 21:5
g Ge 18:6 Ge 24:20
h Mt 25:4
i Eks 35:25
j 1Sa 25:18 Spr 19:17 Spr 22:9 Han 9:36 Ef 4:28 1Ti 2:10 Heb 13:16
k 1Ti 5:8
l Spr 7:16

**Tweede kol.**
a Eks 39:29 Est 8:15 Han 16:14
b Ge 20:3 De 22:22 2Sa 11:26 1Ko 11:9
c De 16:18 Rut 4:1 Job 29:7
d Han 9:39
e Ge 24:20 Rig 5:24 Job 40:10
f Mt 6:34
g Rig 13:23 1Sa 25:31 2Sa 20:16 Est 5:8 Ps 68:11 Spr 31:1 Han 18:26 Tit 2:3
h Ge 24:18 Jos 2:6 2Kn 4:10 Han 16:15
i Spr 14:1 1Ti 5:10 Tit 2:5
j Rut 4:11 1Kn 2:19 2Ti 1:5
k Jes 62:4
l Ge 30:13
m Hgl 6:9 Lu 1:42
n Spr 11:16
o 2Kn 9:30 Est 1:11 Spr 6:25 1Pe 1:24
p Ge 24:60 Rig 5:7 Ro 2:29 1Pe 3:4
q Rut 3:11 Ps 128:2
r Mr 14:9 Han 9:39 Ro 16:2

# PREDIKER

**1** Die woorde van die byeenbringer,[a] die seun van Dawid, die koning in Jerusalem.[b] **2** "Die grootste nietigheid!"[c] het die byeenbringer gesê, "die grootste nietigheid! Alles is nietigheid!"[d] **3** Watter voordeel is daar vir 'n mens in al sy harde werk waaraan hy hard werk[e] onder die son?[f] **4** 'n Geslag gaan,[g] en 'n geslag kom;[h] maar die aarde bly tot onbepaalde tyd staan.[i] **5** En die son het ook stralend opgekom, en die son het ondergegaan,[j] en hy kom hygend na sy plek waar hy stralend sal opkom.[k]

**6** Die wind gaan na die suide, en hy sirkel om na die noorde.[l] Hy sirkel voortdurend om en om,[m] en die wind keer na sy sirkelgang[n] terug.

**7** Al die winterstrome[o] gaan uit na die see;[p] tog is die see nie vol nie.[q] Na die plek waar die winterstrome uitgaan, daarheen keer hulle terug om uit te gaan.[r] **8** Alles is vermoeiend;[s] niemand kan daarvan praat nie. Die oog kry nie genoeg van sien nie,[t] en ook word die oor nie vol van hoor nie.[u] **9** Wat is, dit is wat sal wees;[v] en wat gedoen is, dit is wat gedoen sal word; en daar is dus niks nuuts onder die son nie.[w] **10** Bestaan daar enigiets waarvan 'n mens kan sê: "Kyk hier; dit is nuut"? Dit het reeds 'n onbepaalde tyd bestaan;[x] wat ontstaan het, is uit die tyd wat voor ons was.[y] **11** Daar is geen gedagtenis aan mense van vroeër tye nie, en ook sal daar nie wees aan dié wat later sal kom nie.[z] Daar sal selfs aan hulle geen gedagtenis wees onder dié wat nog later sal kom nie.[a]

**HFST. 1**

**a** 1Kn 8:1 1Kn 8:22 2Kr 5:2 Pr 12:10
**b** 1Kn 2:12 2Kr 9:30
**c** Pr 12:8
**d** Ps 39:5 Ps 144:4 Ro 8:20
**e** Pr 2:11 Jes 55:2 Mt 16:26 Joh 6:27
**f** Pr 6:12
**g** Eks 1:6 Ps 89:47 Ps 90:10 Pr 12:7 Sag 1:5
**h** Ef 3:21
**i** Ps 78:69 Ps 104:5 Ps 119:90
**j** Ps 104:19
**k** Ge 8:22 Ps 19:6
**l** Ps 78:26 Ps 107:25 Lu 12:55
**m** Joh 3:8
**n** Jes 40:22
**o** Job 6:15
**p** Ps 104:25 Han 27:4
**q** Job 38:10
**r** Job 36:27 Jes 55:10 Am 5:8
**s** Pr 12:12
**t** Spr 27:20 Pr 4:8
**u** Han 17:21
**v** Pr 3:15
**w** Ge 8:22 Pr 1:4
**x** Ps 77:5
**y** Ge 2:7
**z** Pr 2:16 Jes 40:6
**a** Pr 9:5

**Tweede kol.**

**a** 1Kn 11:31 1Kn 11:42 Pr 1:1
**b** 1Kn 4:30 Spr 2:2 Pr 7:25 Pr 8:16
**c** Pr 3:10 Pr 4:4
**d** Ps 39:6 Pr 2:18 Pr 8:9 Pr 9:3
**e** Ps 39:5 Pr 2:11 Pr 2:26 Pr 6:9 Lu 12:15

**12** Ek, die byeenbringer, was koning oor Israel in Jerusalem.[a] **13** En ek het my hart daarop gerig om wysheid[b] te soek en na te vors met betrekking tot alles wat onder die hemel gedoen is—die rampspoedige bedrywigheid wat God aan die mensekinders gegee het om hulle mee besig te hou.[c] **14** Ek het al die werke gesien wat onder die son gedoen is,[d] en kyk! alles was nietigheid en 'n gejaag na wind.[e]

**15** Wat krom gemaak is, kan nie reguit gemaak word nie,[f] en wat ontbreek, kan onmoontlik getel word. **16** Ek, ja ek, het met my hart[g] gepraat en gesê: "Kyk! Ek het grootliks toegeneem in wysheid, meer as enigiemand wat voor my in Jerusalem was,[h] en my hart het baie wysheid en kennis gesien."[i] **17** En ek het my hart daarop gerig om wysheid te ken en om waansin te ken,[j] en ek het dwaasheid leer ken,[k] dat ook dit 'n gejaag na wind is.[l] **18** Want in die oorvloed van wysheid is daar 'n oorvloed van ergernis,[m] sodat hy wat kennis vermeerder, pyn vermeerder.[n]

**2** Ek, ja ek, het in my hart gesê:[o] "Kom tog nou, laat ek jou met blydskap[p] op die proef stel. Sien ook die goeie."[q] En kyk! ook dit was nietigheid. **2** Ek het vir gelag gesê: "Waansin!"[r] en vir blydskap:[s] "Wat doen dit?"

**f** Ge 8:21; 1Kn 22:43; Pr 4:1; Da 2:44; Ro 8:20; **g** Ps 15:2; Ps 77:6; Spr 2:10; Spr 15:28; Mt 12:35; **h** Ge 14:18; 2Kr 1:12; Pr 2:9; **i** 1Kn 3:28; 1Kn 4:29; 2Kr 1:10; Spr 2:6; Spr 8:10; **j** Pr 2:12; Pr 9:3; **k** Pr 2:3; Pr 7:25; Pr 10:1; **l** Pr 2:11; Pr 2:26; **m** Pr 2:15; Pr 7:16; 1Ko 3:20; **n** Pr 12:12; **HFST. 2** **o** Pr 3:17; Lu 12:19; **p** Pr 7:4; **q** Eks 32:6; 1Ko 10:7; **r** Spr 14:13; Pr 7:6; **s** Jes 22:13.

3 Ek het met my hart nage-
vors deur my vlees selfs met
wyn vrolik te maak,[a] terwyl ek
my hart met wysheid gelei het,[b]
ja, om dwaasheid vas te gryp
totdat ek kon sien watter nut
daar vir die mensekinders was
in wat hulle gedurende die ge-
tal van hulle lewensdae[c] onder
die hemel gedoen het. 4 Ek
het groter werke onderneem.[d]
Ek het vir my huise gebou;[e] ek
het vir my wingerde geplant.[f]
5 Ek het vir my tuine en par-
ke aangelê,[g] en ek het allerhan-
de vrugtebome daarin geplant.
6 Ek het vir my damme ge-
maak[h] om die bos, waarin bome
opskiet, mee nat te lei.[i] 7 Ek
het diensknegte en diensmei-
sies bekom,[j] en ek het seuns
van die huisgesin verkry.[k] Ook
het ek baie vee, beeste en klein-
vee, verkry, meer as almal wat
voor my in Jerusalem was.[l]
8 Ek het vir my ook silwer en
goud versamel,[m] en eiendom eie
aan konings en die regsgebie-
de.[n] Ek het vir my sangers en
sangeresse aangeskaf[o] en die
verlustiginge[p] van die mense-
kinders, 'n vrou, ja vroue.[q]
9 En ek het groter geword en
meer toegeneem as enigiemand
wat voor my in Jerusalem was.[r]
Ook het my wysheid myne ge-
bly.[s]

10 En niks wat my oë gevra
het, het ek hulle ontsê nie.[t] Ek
het my hart nie teruggehou van
enige soort blydskap nie, want
my hart was vreugdevol weens
al my harde werk,[u] en dít het
my deel geword van al my har-
de werk.[v] 11 En ek, ja ek, het
my gewend tot al my werke wat
my hande verrig het en tot die
harde werk waaraan ek hard
gewerk het om dit tot stand te
bring,[w] en kyk! alles was nietig-
heid en 'n gejaag na wind,[x] en
daar was niks voordeligs onder
die son nie.[a]

12 En ek, ja ek, het my daar-
toe gewend om wysheid[b] en
waansin en dwaasheid[c] te sien;
want wat kan die mens doen
wat ná die koning kom? Dít
wat mense reeds gedoen het.
13 En ek het gesien, ja ek, dat
daar meer voordeel in die wys-
heid bestaan as in die dwaas-
heid,[d] net soos daar meer voor-
deel in die lig is as in die
duisternis.[e]

14 Wat die wyse betref, sy oë
is in sy kop;[f] maar die sot wan-
del voort in volslae duisternis.[g]
En ek het te wete gekom, ook
ek, dat een uiteinde hulle al-
mal tref.[h] 15 En ek het in my
hart gesê:[i] "'n Uiteinde soos
dié van die sot[j] sal my, ja my,
tref."[k] Waarom het ék dan des-
tyds so uitermate wys geword?[l]
En ek het in my hart gesê: "Ook
dit is nietigheid." 16 Want tot
onbepaalde tyd is daar aan die
wyse net so min gedagtenis as
aan die sot.[m] In die dae wat
nou al aanbreek, word almal be-
slis vergeet; en hoe sal die wyse
sterf? Tesame met die sot.[n]

17 En ek het die lewe ge-
haat,[o] omdat die werk wat on-
der die son gedoen is, vanuit my
standpunt rampspoedig was,[p]
want alles was nietigheid en 'n
gejaag na wind.[q] 18 En ek, ja
ek, het al my harde werk ge-
haat waaraan ek hard gewerk
het onder die son,[r] wat ek sal
agterlaat vir die mens wat ná
my sal kom.[s] 19 En wie weet
of hy wys of dwaas sal wees?[t]
Tog sal hy die beheer oorneem
oor al my harde werk waaraan

**HFST. 2**

a Ps 104:15; Pr 10:19
b Spr 31:4; Pr 1:17; Ef 5:18
c Ge 47:9; Job 14:1; Ps 90:10
d 1Kn 7:8; 1Kn 9:17; 2Kr 9:15
e De 8:12; 1Kn 7:1; Ps 49:11
f 1Kn 4:25; Hgl 8:11
g Hgl 4:6; Jer 39:4
h Ne 2:14; Hgl 7:4
i Ps 1:3; Jer 17:8
j 1Sa 8:13; 1Kn 9:22
k Ge 14:14; Ge 15:3; Ge 17:12; Esr 2:58
l 1Kn 4:23
m 1Kn 9:14; 1Kn 9:28; 1Kn 10:10; 2Kr 1:15; 2Kr 9:13
n 1Kn 9:19; 1Kn 10:15
o 2Sa 19:35
p Hgl 7:6
q 1Kn 11:3; Hgl 6:8
r 1Kn 3:13; 1Kn 10:23
s Pr 2:3
t Spr 23:5; Spr 27:20; Pr 11:9; 1Jo 2:16
u Ps 128:2; Pr 5:18
v Pr 3:22; Pr 9:9
w 1Kn 7:1; Pr 1:14
x Ps 49:10; Pr 2:16

**Tweede kol.**

a Pr 1:3; Pr 2:17; Mt 16:26; 1Ti 6:7
b 1Ko 3:19
c Pr 1:17; Pr 7:25
d Spr 4:7; Pr 7:12
e Jes 5:20
f Spr 4:25; Spr 14:8; Spr 23:26
g Spr 17:24; Joh 3:19; 1Jo 2:11
h Pr 3:19; Pr 9:2; Pr 9:11
i Ps 15:2; Pr 1:16; Pr 3:17
j Spr 10:23; Spr 23:9

k 1Kn 11:43; Ps 49:10; l 1Kn 3:12; Pr 1:18; Lu 11:31; m Eks 1:8; Ps 103:16; Pr 1:11; n Pr 6:8; Ro 5:12; Heb 9:27; o Nu 11:15; 1Kn 19:4; Job 7:6; Jer 20:18; Jon 4:3; Ro 8:20; p Pr 1:14; Pr 2:21; q Pr 5:16; r Pr 2:4; Pr 5:18; Pr 9:9; s 1Kn 11:43; Ps 17:14; Ps 39:6; Lu 12:20; t 1Kn 12:8; 2Kr 10:13; 2Kr 12:9.

ek hard gewerk het en waar-
in ek wysheid getoon het onder
die son.[a] Ook dit is nietigheid.
**20** En ek het my daartoe ge-
wend om my hart aan wanhoop
oor te gee[b] weens al die harde
werk waaraan ek hard gewerk
het onder die son. **21** Want
daar is die mens wie se harde
werk met wysheid en met ken-
nis en met bedrewenheid ge-
doen is,[c] maar sy deel sal aan ’n
mens gegee word wat nie hard
gewerk het aan so iets nie.[d]
Ook dit is nietigheid en groot
rampspoed.[e]

**22** Want wat kry ’n mens
vir al sy harde werk en vir
die strewe van sy hart waarmee
hy hard werk onder die son?[f]
**23** Want al sy dae beteken sy
bedrywigheid pyne en erger-
nis;[g] ook gedurende die nag
gaan sy hart eenvoudig nie lê
nie.[h] Ook dit is blote nietigheid.

**24** Vir ’n mens is daar niks
beters nie as dat hy eet en in-
derdaad drink en sy siel die
goeie laat sien weens sy harde
werk.[i] Ook dit het ek gesien,
ja ek, dat dit uit die hand van
die ware God is.[j] **25** Want wie
eet[k] en wie drink beter as ek?[l]

**26** Want aan die mens wat
goed is voor hom,[m] het hy wys-
heid en kennis en blydskap ge-
gee,[n] maar aan die sondaar het
hy die werk gegee om te ver-
samel en bymekaar te bring om
dit dan te gee aan die een wat
goed is voor die ware God.[o] Ook
dit is nietigheid en ’n gejaag na
wind.[p]

**3** Vir alles is daar ’n vasge-
stelde tyd,[q] ja, ’n tyd vir
elke aangeleentheid onder die
hemel: **2** ’n tyd vir geboorte[r]
en ’n tyd om te sterf;[s] ’n tyd
om te plant en ’n tyd om uit te
trek wat geplant is;[t] **3** ’n tyd
om dood te maak[u] en ’n tyd om
gesond te maak;[a] ’n tyd om af
te breek en ’n tyd om te bou;[b]
**4** ’n tyd om te huil[c] en ’n tyd
om te lag;[d] ’n tyd om te wee-
klaag[e] en ’n tyd om rond te hup-
pel;[f] **5** ’n tyd om klippe weg
te gooi[g] en ’n tyd om klippe by-
mekaar te maak;[h] ’n tyd om te
omhels[i] en ’n tyd om van omhel-
sing weg te bly;[j] **6** ’n tyd om
te soek[k] en ’n tyd om as verlo-
re op te gee; ’n tyd om te hou
en ’n tyd om weg te gooi;[l] **7** ’n
tyd om uitmekaar te skeur[m] en
’n tyd om aanmekaar te werk;[n]
’n tyd om stil te bly[o] en ’n tyd
om te praat;[p] **8** ’n tyd om lief
te hê en ’n tyd om te haat;[q] ’n
tyd vir oorlog[r] en ’n tyd vir vre-
de.[s] **9** Watter voordeel is daar
vir die werker in dit waaraan
hy hard werk?[t]

**10** Ek het die bedrywigheid
gesien wat God aan die mense-
kinders gegee het om hulle mee
besig te hou.[u] **11** Alles het hy
mooi gemaak op die tyd daar-
voor.[v] Selfs onbepaalde tyd het
hy in hulle hart gesit,[w] dat die
mensdom nooit die werk wat
die ware God gemaak het, van
begin tot einde kan uitvind
nie.[x] **12** Ek het te wete ge-
kom dat daar vir hulle niks be-
ters is nie as om bly te wees en
om goed te doen in die lewe;[y]
**13** en ook dat elke mens eet
en inderdaad drink en die goeie
sien vir al sy harde werk.[z] Dit is
die gawe van God.[a]

**14** Ek het te wete gekom dat
alles wat die ware God maak,
tot onbepaalde tyd sal bestaan.[b]
Niks kan daarby gevoeg word

**HFST. 2**

a 1Kn 7:2
b 1Sa 27:1
c 1Kn 4:30; 2Kr 1:12
d 2Kr 9:31; Pr 2:18; Pr 5:15
e Pr 5:16
f Ps 127:2; Pr 1:3; Pr 3:9; Pr 4:8
g Ge 47:9; Job 14:1
h Ge 31:40; Da 6:18; Lu 12:29
i De 12:18; De 20:6; Pr 3:22; Pr 5:18; Pr 8:15; Han 14:17
j Ps 145:16; Pr 3:13; Pr 5:19
k 1Kn 4:7; 1Kn 4:22
l 1Kn 10:5; 1Kn 10:21
m Ge 7:1; 1Sa 18:14; 2Kr 31:20; Spr 3:32; Jes 3:10; Lu 1:6
n Spr 2:6
o De 6:11; Job 27:17; Spr 13:22; Spr 28:8
p Pr 2:11

**HFST. 3**

q 2Kn 5:26; Spr 15:23; Pr 3:17
r Ge 1:28
s De 34:5; Job 14:5; Joh 7:8
t Jer 1:10
u Nu 31:2; Jer 48:10; Ese 9:6

**Tweede kol.**

a Jer 33:6; Ho 6:1; Op 22:2
b Jes 44:28; Jes 65:21; Jer 31:28; Da 9:25
c Joh 16:20; Ro 12:15; 2Ko 7:11; Jak 4:9
d Ps 126:2
e Ge 23:2; Jer 25:34
f Eks 15:20; 2Sa 6:16
g 2Kn 3:25; Mt 24:2
h Jos 10:27; 1Kn 6:7
i Ge 29:13; Ge 33:4; Ge 48:10; 2Kn 4:16

j Eks 19:15; Spr 5:20; Lu 10:4; k Eks 12:35; Lu 15:8; l Jes 2:20; Jon 1:5; m 2Sa 3:31; 2Sa 13:19; n Eks 26:1; Eks 35:35; o Ps 39:1; Spr 9:8; Jes 53:7; p 1Sa 19:4; 1Sa 25:24; Est 4:14; Ps 145:11; q Ps 139:21; Ro 12:9; r Jl 3:9; s 1Kn 4:24; Ps 37:11; Jes 2:4; t Pr 1:3; Pr 5:16; u Pr 2:26; v Ge 1:31; Pr 7:29; Mr 7:37; Ro 1:20; w 2Pe 3:18; Jud 25; x Ge 1:1; Job 11:7; y Ps 37:3; Jes 64:5; 1Te 5:15; 1Ti 6:18; z De 20:6; Ps 128:2; Pr 5:18; Jes 65:22; a Pr 5:19; b Ps 119:90; Ef 3:11.

en niks kan daarvan wegge-
neem word nie;[a] maar die ware
God het dit gemaak,[b] sodat
mense vir hom bang sal wees.[c]
**15** Wat is, was alreeds, en
wat sal wees, was alreeds;[d] en
die ware God[e] bly soek wat na-
gejaag word.[f]
**16** En verder het ek onder
die son die plek van geregtig-
heid gesien, waar daar godde-
loosheid was, en die plek van
regverdigheid, waar daar god-
deloosheid was.[g] **17** Ek het in
my hart gesê:[h] "Die ware God
sal die regverdige sowel as die
goddelose oordeel,[i] want daar is
'n tyd vir elke aangeleentheid
en aangaande elke werk."[j]
**18** Ek, ja ek, het in my hart
met betrekking tot die mense-
kinders gesê dat die ware God
hulle gaan uitsoek, sodat hulle
kan sien dat hulle self diere is.[k]
**19** Want daar is 'n uiteinde vir
die mensekinders en 'n uitein-
de vir die diere, en hulle het
dieselfde uiteinde.[l] Soos die een
sterf, so sterf die ander;[m] en
hulle almal het net een gees,[n]
sodat die mens geen voorrang
bo die dier het nie, want alles is
nietigheid. **20** Almal gaan na
een plek.[o] Hulle is almal uit die
stof,[p] en hulle keer almal na
die stof terug.[q] **21** Wie is daar
wat die gees van die mensekin-
ders ken, of dit opstyg boontoe;
en die gees van die diere, of dit
neerdaal ondertoe na die aar-
de?[r] **22** En ek het gesien dat
daar niks beters is nie as dat die
mens hom in sy werke verbly,[s]
want dit is sy deel; want wie sal
hom inbring om te aanskou wat
ná hom sal wees?[t]

**4** En ek het teruggekeer so-
dat ek al die dade van on-
derdrukking[u] kon sien wat on-
der die son gepleeg word, en
kyk! die trane van die onder-
druktes,[a] maar hulle het geen
vertrooster gehad nie;[b] en aan
die kant van hulle onderdruk-
kers was daar mag, sodat hulle
geen vertrooster gehad het nie.
**2** En ek het die dooies wat
reeds gesterf het, gelukgewens
eerder as die lewendes wat nog
gelewe het.[c] **3** En die een wat
nog nie in aansyn gekom het
nie,[d] wat nie die rampspoedige
werk gesien het wat onder die
son gedoen word nie,[e] is dan be-
ter daaraan toe as hulle albei.
**4** En ek het al die harde
werk en al die bedrewenheid
in die werk gesien,[f] dat dit die
wedywering van die een teen-
oor die ander beteken;[g] ook dit
is nietigheid en 'n gejaag na die
wind.
**5** Die sot vou sy hande[h] en
eet sy eie vlees.[i]
**6** 'n Hand vol rus is beter as
'n dubbele hand vol harde werk
en 'n gejaag na die wind.[j]
**7** En ek het teruggekeer so-
dat ek die nietigheid onder die
son kon sien: **8** Daar bestaan
een, maar nie 'n tweede nie;[k]
ook het hy geen seun of broer
nie,[l] maar daar is geen einde
aan al sy harde werk nie. Ook
kry sy oë nie genoeg van ryk-
dom nie:[m] "En vir wie werk ek
hard en laat ek my siel dit aan
goeie dinge ontbreek?"[n] Ook dit
is nietigheid, en dit is 'n ramp-
spoedige bedrywigheid.[o]
**9** Twee is beter as een,[p] want
hulle het 'n goeie beloning vir
hulle harde werk.[q] **10** Want
as een van hulle val, kan die an-
der sy metgesel ophelp.[r] Maar
hoe sal dit wees met net die een

**HFST. 3**
**a** Spr 30:6; Op 22:18
**b** De 32:4
**c** Ps 64:9; Jes 59:19; Jer 10:7; Op 15:4
**d** Pr 1:9
**e** Ps 83:18
**f** Ps 141:9; Ps 142:6; Ro 8:28
**g** 1Kn 21:10; Ps 82:2; Ps 94:21; Jes 59:14; Mi 7:3; Mt 26:59
**h** Pr 1:16
**i** Pr 12:14; Mt 25:32; Joh 5:29; Han 17:31; Ro 2:6; 2Ko 5:10
**j** Op 11:18; Op 20:3
**k** Ge 3:19; Job 14:1; Ps 49:20; Ps 73:22; 2Pe 2:12
**l** Job 14:10; Ps 39:5; Ps 49:12
**m** Ps 89:48
**n** Ge 7:22; Nu 27:16; Ps 104:29; Pr 12:7
**o** Pr 9:10
**p** Ge 2:7
**q** Ge 3:19; Job 10:9; Job 34:15; Ps 104:29; Pr 12:7; Da 12:2
**r** Ps 146:4; Pr 3:19; Pr 9:10
**s** De 12:7; Pr 5:18
**t** Job 14:21; Pr 6:12; Pr 10:14

**HFST. 4**
**u** Job 35:9; Am 4:1; Mi 2:2

**Tweede kol.**
**a** Ps 42:9; Ps 102:9; Jak 5:4
**b** Ps 69:20; Ps 142:4; 2Ti 4:16
**c** Job 3:17; Pr 2:17
**d** Jer 20:18; Lu 23:29
**e** Ps 55:9; Pr 1:14; Jer 9:3; Ho 4:2
**f** Pr 2:21

**g** Ge 4:5; Mt 27:18; Ga 5:26; Jak 4:5; 1Jo 3:12; **h** Spr 6:10; Spr 20:4; Spr 24:33; Ef 4:28; **i** Spr 6:11; **j** Ps 37:16; Spr 15:16; Spr 16:8; Spr 17:1; **k** Ge 2:18; **l** Ge 15:2; Nu 27:10; **m** Spr 27:20; Pr 5:10; **n** Ps 39:6; Lu 12:19; **o** Pr 2:23; **p** Ge 2:18; 1Sa 23:16; Spr 27:17; Han 13:2; **q** Joh 4:36; **r** Job 4:4; Ga 6:1.

wat val wanneer daar nie ’n ander is om hom op te help nie?[a]

**11** Wat meer is, as twee bymekaar lê, sal hulle ook beslis warm word; maar hoe kan net een warm bly?[b] **12** En as iemand een alleen sou kon oorweldig, sou twee saam teen hom kon staande bly.[c] En ’n driedubbele tou kan nie gou in twee gebreek word nie.

**13** ’n Behoeftige maar wyse kind[d] is beter as ’n ou maar dwase koning[e] wat nie genoeg te wete gekom het om hom nog langer te laat waarsku nie.[f] **14** Want hy het uit die gevangenis uitgegaan om koning te word,[g] hoewel hy onder die koningskap van dié een as ’n arme gebore is.[h] **15** Ek het al die lewendes gesien wat onder die son rondloop, hoe dit gaan met die kind, wat tweede is, wat in die ander se plek opstaan.[i] **16** Daar is geen einde aan al die mense, aan almal voor wie hy hom bevind het nie;[j] ook die mense daarna sal nie oor hom bly wees nie,[k] want ook dit is nietigheid en ’n gejaag na die wind.[l]

**5** Gee ag op jou voete[m] wanneer jy na die huis van die ware God gaan; en kom nader om te hoor,[n] eerder as om ’n offerande te gee soos die sotte doen,[o] want hulle is nie daarvan bewus dat hulle kwaad doen nie.[p]

**2** Moenie haastig wees met jou mond nie; en wat jou hart betref,[q] laat dit nie gou ’n woord voor die ware God uitbring nie.[r] Want die ware God is in die hemel,[s] maar jy is op die aarde. Daarom moet jou woorde min wees.[t] **3** Want ’n droom kom beslis weens ’n oorvloed van bedrywighede,[u] en die stem van ’n sot weens die oorvloed van woorde.[a] **4** Wanneer jy ’n gelofte aan God doen, moet jy nie aarsel om dit te betaal nie,[b] want daar is geen behae in die sotte nie.[c] Wat jy plegtig belowe, moet jy betaal.[d] **5** Dit is beter dat jy nie plegtig belowe[e] nie as dat jy plegtig belowe en nie betaal nie.[f] **6** Moenie toelaat dat jou mond jou vlees laat sondig nie,[g] en moet ook nie voor die engel[h] sê dat dit ’n fout was nie.[i] Waarom moet die ware God verontwaardig raak oor jou stem en die werk van jou hande verwoes?[j] **7** Want weens ’n oorvloed van bedrywighede is daar drome,[k] en daar is nietighede en woorde in oorvloed. Maar vrees die ware God.[l]

**8** As jy enige onderdrukking van die arme en die gewelddadige ontneming van reg[m] en van regverdigheid in ’n regsgebied sien, moet jy nie verbaas wees oor die aangeleentheid nie,[n] want iemand wat hoër is as die hoë,[o] gee ag,[p] en daar is dié wat hoog bo hulle is.

**9** Ook is die voordeel van die aarde onder hulle almal;[q] vir ’n saailand is die koning gedien.[r]

**10** Iemand wat silwer liefhet, sal nie genoeg kry van silwer nie, ook nie iemand wat rykdom liefhet, van inkomste nie.[s] Ook dit is nietigheid.[t]

**11** Wanneer goeie dinge baie word, word dié wat dit eet, beslis baie.[u] En watter voordeel is daar vir die grootse besitter daarvan, behalwe om met sy oë daarna te kyk?[v]

**12** Soet is die slaap[w] van die een wat dien, of hy nou min of

HFST. 4
a 1Sa 23:16
b 1Kn 1:2
c 1Sa 14:7
d Spr 19:1, Spr 28:6, Pr 9:15
e Spr 28:16
f 1Kn 22:8, 2Kr 25:16
g Ge 41:14, Ge 41:40
h 2Sa 7:8, Job 5:11, Ps 113:8
i 1Kn 3:7, 2Kn 21:24
j 1Kn 1:40
k 2Sa 20:1, 1Kn 12:4
l Pr 2:11

HFST. 5
m Ps 15:2
n De 31:12, Han 17:11, Jak 1:19
o 1Sa 13:12, 1Sa 15:22, Spr 21:27, Jes 1:13, Ho 6:6
p Spr 30:20, Jer 6:15
q Spr 10:13
r Nu 30:2, Nu 30:5, 1Sa 14:24
s 2Kr 16:9, Ps 11:4, Mt 6:9
t Spr 10:19, Pr 3:7, Mt 6:7
u Mt 6:25, Mt 6:34, Lu 12:18

Tweede kol.
a Spr 10:19, Spr 15:2, Pr 10:14
b De 23:21, Ps 50:14, Ps 76:11, Jes 19:21, Mt 5:33
c Pr 10:12
d Nu 30:2, Ps 66:13, Ps 116:18, Jon 2:9
e De 23:22
f Spr 20:25
g Rig 11:35, Jak 1:26
h Mt 18:10, Lu 1:18
i Le 5:4
j Ps 127:1, Hag 1:11, 2Jo 8
k Pr 5:3
l Ps 33:8, Spr 23:17, Pr 7:18, Pr 12:13, Jes 50:10
m Spr 17:23, Spr 31:5, Pr 3:16, Jak 5:4

n 1Kn 21:19; Mal 3:5; o Eks 18:25; 1Sa 22:7; Da 3:2; p Ge 41:40; Est 5:11; Da 5:16; q Ge 1:29; Ps 104:14; Spr 28:19; r 1Sa 8:12; 1Kn 4:7; 1Kn 21:2; 2Kr 26:10; Hgl 8:12; s Pr 4:8; Mt 6:24; Lu 12:15; 1Ti 6:10; t Pr 2:11; u 1Kn 4:22; Ne 5:17; Ne 5:18; Est 1:5; v Jos 7:21; Est 5:11; Spr 23:5; 1Jo 2:16; w Ps 4:8; Spr 3:24; Jer 31:26; Mt 6:25.

baie eet; maar die oorvloed wat
aan die ryke behoort, laat hom
nie toe om te slaap nie.
**13** Daar is ernstige ramp-
spoed wat ek onder die son ge-
sien het: rykdom wat vir die
grootse besitter daarvan be-
waar word tot sy rampspoed.[a]
**14** En dié rykdom het vergaan[b]
weens 'n rampspoedige bedry-
wigheid, en hy het die vader
van 'n seun geword terwyl daar
hoegenaamd niks in sy hand is
nie.[c]
**15** Net soos iemand uit sy
moeder se skoot voortgekom
het, sal hy naak weer weg-
gaan,[d] net soos hy gekom het;
en hy kan hoegenaamd niks
vir sy harde werk wegdra,[e] wat
hy met sy hand kan saamneem
nie.
**16** En ook dít is ernstige
rampspoed: net soos iemand ge-
kom het, so sal hy weggaan;
en watter voordeel is daar vir
die een wat hard bly werk vir
die wind?[f] **17** Ook eet hy al sy
dae in die duisternis, met baie
ergernis,[g] met siekte vir hom
en rede tot verontwaardiging.
**18** Kyk! Die beste ding wat
ek gesien het, wat mooi is, is
dat iemand eet en drink en die
goeie sien vir al sy harde werk[h]
waarmee hy hard werk onder
die son gedurende die getal van
sy lewensdae wat die ware God
hom gegee het, want dit is sy
deel. **19** Ook elke mens aan
wie die ware God rykdom en
materiële besittings gegee het,[i]
het hy in staat gestel om daar-
van te eet[j] en om sy deel weg
te dra en om hom in sy harde
werk te verbly.[k] Dit is die gawe
van God.[l] **20** Want hy sal nie
dikwels aan sy lewensdae dink
nie, omdat die ware God hom
besig hou met die blydskap van
sy hart.[m]

**6** Daar is rampspoed wat ek
onder die son gesien het, en
dit kom dikwels onder die mens-
dom voor: **2** 'n man aan wie
die ware God rykdom en mate-
riële besittings en heerlikheid
gee[a] en wat vir sy siel geen ge-
brek het aan enigiets waarna hy
'n verlange toon nie,[b] en tog stel
die ware God hom nie in staat
om daarvan te eet nie,[c] hoe-
wel 'n blote uitlander[d] dit dalk
eet. Dit is nietigheid en 'n kwaai
siekte. **3** As 'n man honderd
keer vader word[e] en hy baie
jare lewe, sodat die dae van sy
jare talryk sou word,[f] maar sy
siel nie genoeg kry van goeie
dinge nie[g] en selfs die graf hom
nie ten deel geval het nie,[h] dan
moet ek sê dat een wat te vroeg
gebore is, beter daaraan toe is
as hy.[i] **4** Want tevergeefs het
dié een gekom, en in duister-
nis gaan hy weg, en met duis-
ternis sal sy naam bedek word.[j]
**5** Ook die son het hy nie gesien
of geken nie.[k] Dié een het meer
rus as eersgenoemde.[l] **6** Ge-
stel selfs dat hy al twee keer
duisend jaar gelewe het en hy
tog nie die goeie gesien het nie[m]
—gaan almal nie na net een
plek nie?[n]
**7** Al die harde werk van die
mensdom is vir hulle mond,[o]
maar selfs hulle siel word nie
versadig nie. **8** Want watter
voordeel het die wyse bo die
sot?[p] Wat baat dit die geteis-
terde dat hy weet hoe om voor
die lewendes te wandel? **9** Die
aanskouing met die oë is beter
as die rondwandeling van die
siel.[q] Ook dit is nietigheid en 'n
gejaag na die wind.[r]
**10** Wat is, die naam daarvan
is reeds uitgespreek, en dit het
bekend geword wat die mens is;[s]
en hy kan nie sy regsaak bepleit
by iemand wat sterker is as hy
nie.[t]

**HFST. 5**
a Spr 1:19, Spr 11:24, Spr 11:28, Lu 12:21, Jak 5:3
b 1Kn 14:26, Job 27:17, Ps 39:6, Spr 23:5, Mt 6:19
c Ps 109:10
d Job 1:21
e Ps 49:17, Lu 12:20, 1Ti 6:7
f Ho 8:7, Mt 16:26, Mr 8:36, Joh 6:27
g Ef 5:5, 1Ti 6:10
h 1Kn 4:20, Pr 2:24, Pr 3:13, Pr 3:22, Jes 65:22
i Ge 31:9, De 6:11, 1Kn 3:13, Job 42:12, 1Ti 6:17
j De 8:10, Pr 2:24
k Joh 4:36
l Pr 3:13, Jak 1:17
m De 28:8, Ps 4:7, Jes 65:22

**Tweede kol.**

**HFST. 6**
a 2Kr 2:11
b Ps 17:14, Lu 12:19
c 2Sa 19:35
d Ho 7:9
e 2Kn 10:1, 2Kr 11:21
f Ps 73:4
g Lu 12:21
h 2Kn 9:35
i Job 3:16, Pr 4:3
j Ps 109:13
k Job 3:11, Ps 58:8
l Job 3:13, Job 14:1
m Jer 17:6
n Job 30:23, Pr 3:20, Ese 18:4, Ro 5:12
o Ge 3:19, Spr 16:26
p Ps 49:10, Pr 2:15
q Nu 11:4, Jak 4:2
r Pr 4:4
s Ge 2:7, Ps 49:10
t Job 9:2, Job 9:32, Jes 45:9, Ro 9:20

**11** Omdat daar baie dinge is
wat groot nietigheid veroor-
saak[a]—watter voordeel het ’n
mens? **12** Want wie weet wat
’n mens in die lewe het[b] wat
goed is gedurende die getal dae
van sy nietige lewe, wanneer
hy hulle soos ’n skaduwee deur-
bring?[c] Want wie kan vir die
mens sê wat ná hom onder die
son sal gebeur?[d]

**7** ’n Naam is beter as goeie
olie,[e] en die sterfdag as die
dag dat iemand gebore word.[f]
**2** Dit is beter om na die huis
van rou te gaan as om na die
huis van feesmaaltye te gaan,[g]
want dit is die einde van die
hele mensdom; en die lewen-
de moet dit ter harte neem.
**3** Verdriet is beter as gelag,[h]
want deur die somberheid van
die gesig word die hart beter.[i]
**4** Die hart van die wyses is in
die huis van rou,[j] maar die hart
van die sotte is in die huis van
blydskap.[k]

**5** Dit is beter om die be-
strawwing van ’n wyse[l] te hoor
as om die man te wees wat
die lied van die sotte hoor.[m]
**6** Want soos die geluid van do-
rings onder die pot, so is die ge-
lag van die sot;[n] en ook dit is
nietigheid. **7** Want verdruk-
king kan ’n wyse waansinnig
laat optree,[o] en ’n geskenk[p] kan
die hart te gronde rig.[q]

**8** Die uiteinde van ’n saak is
beter as sy begin.[r] Iemand wat
geduldig is, is beter as iemand
wat hoogmoedig van gees is.[s]
**9** Moenie haastig wees in jou
gees om aanstoot te neem nie,[t]
want om aanstoot te neem, rus
in die boesem van die sotte.[u]

**10** Moenie sê: “Waarom was
die vroeëre dae beter as hier-
die dae?” nie,[v] want dit is nie uit
wysheid[w] dat jy hieroor gevra
het nie.

**11** Wysheid tesame met ’n
erfdeel is goed en is voorde-
lig vir dié wat die son sien.[a]
**12** Want wysheid dien as ’n
beskerming[b] net soos geld as
’n beskerming dien;[c] maar die
voordeel van kennis is dat wys-
heid die besitters daarvan in
die lewe hou.[d]

**13** Aanskou die werk[e] van
die ware God, want wie kan reg-
uit maak wat hy krom gemaak
het?[f] **14** Wees op ’n goeie dag
vreugdevol,[g] en sien op ’n ramp-
spoedige dag dat die ware God
ook die een net soos die ander
gemaak het,[h] sodat die mens-
dom hoegenaamd niks ná hulle
sal ontdek nie.[i]

**15** Alles het ek gedurende
my nietige dae gesien.[j] Daar is
die regverdige wat in sy regver-
digheid omkom,[k] en daar is die
goddelose wat in sy slegtheid
lank voortbestaan.[l]

**16** Moenie alte regverdig
word nie,[m] en moet jou ook nie
uitermate wys voordoen nie.[n]
Waarom sou jy verwoesting oor
jouself bring?[o] **17** Moenie alte
goddeloos wees nie,[p] en moet
ook nie dwaas word nie.[q] Waar-
om sou jy sterf wanneer dit nie
jou tyd is nie?[r] **18** Dit is be-
ter dat jy die een vasgryp, maar
moet ook nie jou hand van die
ander terugtrek nie;[s] want hy
wat God vrees, sal vry van dit
alles uitgaan.[t]

**19** Wysheid is vir die wyse
sterker as tien maghebbers wat
hulle in ’n stad bevind het.[u]

**HFST. 6**

a Pr 2:11; Pr 4:4
b Ps 4:6
c 1Kr 29:15; Job 8:9; Job 14:2; Ps 102:11; Ps 144:4
d Job 14:21; Spr 27:1; Pr 8:7; Jak 4:14

**HFST. 7**

e Spr 10:7; Spr 22:1; Jes 56:5; Ese 36:23; Mt 6:9; Lu 10:20
f Pr 7:8; 2Ko 5:1; Op 2:10
g Spr 14:13; Jes 5:12; Mt 5:4; Jak 4:9; 1Pe 4:3
h Ps 119:71; Lu 6:21
i Ro 5:3; 2Ko 4:17; 2Ko 7:10; Heb 12:11
j Ne 9:1; Da 9:3
k 1Sa 25:36; Spr 21:17; Da 5:1; Ho 7:5; Mr 6:21
l Ps 141:5; Spr 15:31; Op 3:19
m Ps 69:12
n Pr 2:2
o De 28:34
p De 16:19; Spr 15:27
q Eks 23:8; 1Sa 8:3; Spr 17:23
r Ge 50:20; Ps 126:6; Pr 7:1; Joh 12:24; Jak 5:11
s Ps 138:6; Spr 13:10; Ga 6:3; Jak 5:10; 1Pe 5:5
t Spr 14:17; Spr 16:32; Spr 29:11; Jak 1:19
u Ge 4:5; Est 5:9; Spr 14:29
v Rig 6:13
w Lu 9:62; Flp 3:13

**Tweede kol.**

a 1Kn 3:7
b Spr 2:11; Spr 4:6
c Spr 10:15; Lu 16:9

**d** Spr 3:18; Spr 8:35; Spr 9:11; **e** Ps 107:43; **f** Job 9:12; Jes 14:27; Jes 46:10; **g** Ps 30:11; Ga 5:22; Jak 5:13; **h** De 8:3; Job 2:10; Jes 45:7; Ro 11:22; **i** Spr 27:1; Pr 9:11; Jak 4:14; **j** Ps 39:5; Pr 4:4; **k** Ge 4:8; 1Sa 22:18; Mt 23:34; Joh 16:2; 1Pe 4:12; 1Pe 5:10; **l** Job 21:7; Ps 73:12; Jer 12:1; **m** Jes 65:5; Mt 6:1; Mt 12:2; Mt 23:23; Lu 18:9; Ro 10:3; Ro 14:10; Kol 2:23; **n** Spr 3:7; Joh 12:5; Ro 12:3; 1Ko 3:18; **o** 2Sa 6:7; Spr 16:18; **p** Jos 7:21; Ese 8:17; Ese 16:20; 2Ti 4:14; Jak 1:21; 2Pe 2:14; **q** Ps 14:1; Ps 75:4; Spr 14:9; **r** 1Sa 25:38; Ps 55:23; Spr 10:27; **s** Mt 11:19; Mt 12:1; Flp 4:5; **t** Lu 16:9; **u** 2Sa 20:16; Spr 21:22; Spr 24:5; Pr 9:16.

**20** Want daar is geen mens reg-
verdig op die aarde wat voort-
durend goed doen en nie sondig
nie.[a]
**21** Moet ook nie jou hart rig
op al die woorde wat mense
spreek nie,[b] sodat jy nie hoor
dat jou kneg 'n vloek oor jou
uitspreek nie.[c] **22** Want jou
eie hart weet goed van baie
kere dat jy, ja jy, 'n vloek oor an-
der uitgespreek het.[d]
**23** Dit alles het ek met wys-
heid op die proef gestel. Ek het
gesê: "Ek sal wys word." Maar
dit was ver van my.[e] **24** Wat
is, is ver weg en uitermate diep.
Wie kan dit uitvind?[f] **25** Ek
het my daartoe gewend, ja, my
hart het,[g] om wysheid[h] en die
rede vir dinge[i] te wete te kom
en na te vors en te soek, en om
die goddeloosheid van sotheid
en die dwaasheid van waansin
te leer ken;[j] **26** en ek het uit-
gevind: Bitterder as die dood[k]
het ek die vrou gevind wat self
vangnette is en wie se hart
sleepnette is en wie se hande
boeie is.[l] Iemand is goed voor
die ware God as hy aan haar
ontkom, maar hy sondig as hy
deur haar gevang word.[m]
**27** "Kyk! Dit het ek gevind",
het die byeenbringer gesê,[n]
"deur die een ding na die an-
der te neem, om die slotsom te
vind,[o] **28** wat my siel voort-
durend gesoek het, maar ek nie
gevind het nie. Een man uit dui-
send het ek gevind,[p] maar 'n
vrou het ek onder hulle almal
nie gevind nie.[q] **29** Kyk! Net
dít het ek gevind, dat die ware
God die mensdom regskape ge-
maak het,[r] maar hulle het baie
planne bedink."[s]

**8** Wie is soos die wyse?[t] En
wie ken die uitlegging van
'n saak?[u] Die wysheid van 'n
mens laat sy gesig straal, en
selfs die strengheid van sy ge-
sig word ten goede verander.[a]
**2** Ek sê: "Kom die bevel van
die koning na,[b] en dit uit agting
vir die eed van God.[c] **3** Moet
jou nie haas sodat jy van hom af
kan weggaan nie.[d] Moenie in 'n
slegte saak bly staan nie.[e] Want
alles wat dit hom behaag om te
doen, sal hy doen,[f] **4** want die
woord van die koning is die be-
herende mag;[g] en wie kan vir
hom sê: 'Wat doen u?' "
**5** Hy wat die gebod onder-
hou, sal niks rampspoedigs er-
vaar nie,[h] en die wyse hart
sal tyd sowel as oordeel ken.[i]
**6** Want vir elke aangeleentheid
is daar 'n tyd en oordeel,[j] want
die rampspoed van die mens-
dom is oorvloedig oor hulle.[k]
**7** Want niemand weet wat sal
gebeur nie,[l] want wie kan vir
hom vertel presies hoe dit sal
gebeur?
**8** Daar is geen mens wat mag
het oor die gees om die gees teë
te hou nie;[m] ook is daar geen be-
herende mag op die dag van die
dood nie;[n] ook is daar geen vry-
stelling in die oorlog nie.[o] En
goddeloosheid sal geen ontko-
ming verskaf aan dié wat hulle
daaraan oorgee nie.[p]
**9** Dit alles het ek gesien, en
ek het my hart gerig op elke
werk wat onder die son gedoen
is, gedurende die tyd dat die
mens oor die mens geheers het
tot sy nadeel.[q] **10** Maar hoe-
wel dit so is, het ek gesien hoe
die goddeloses begrawe word,[r]
hoe hulle ingekom het en hoe
hulle uit die heilige plek[s] weg-
gegaan het en vergeet is in

**HFST. 7**
a 2Kr 6:36; Ps 51:5; Ps 130:3; Ps 143:2; Spr 20:9; Ro 3:23; Jak 3:2; 1Jo 1:8
b 1Sa 24:9
c 2Sa 16:10
d Lu 9:54; Jak 3:2; Jak 3:9
e De 29:29; Job 28:12; Ps 119:114
f Job 11:7; Ps 36:6; Ps 139:6; Jes 55:9; Ro 11:33
g Pr 1:13; Pr 2:3
h Ps 51:6; Spr 2:4; Pr 1:17
i Job 38:3; Job 42:2
j De 32:6; Spr 11:29; Pr 2:12; Pr 9:3
k 1Sa 15:32; Ps 55:4
l Rig 16:21; Spr 7:22
m Spr 5:14; Spr 7:23; Spr 7:26; Spr 22:14
n Pr 1:1; Pr 1:12
o Pr 7:25
p Ne 7:2; Job 33:23; Ps 12:1; Flp 2:20; 2Pe 2:8
q Spr 18:22; Spr 31:10
r Ge 1:26; Ge 1:31; De 32:4
s Ge 3:6; Ge 6:12; Ge 11:4; De 32:5; Jer 2:13; Mr 7:9; Jak 1:14

**HFST. 8**
t Spr 1:5; Spr 3:35; Spr 15:7; Spr 15:31
u Ge 40:8; 2Pe 1:20

**Tweede kol.**
a Spr 4:8
b Spr 24:21; Ro 13:1; Tit 3:1; 1Pe 2:13
c 2Sa 5:3
d Pr 10:4
e 1Kn 1:49; Spr 20:2
f Da 5:19

**g** Ge 41:44; 1Kn 2:25; Esr 7:26; Da 3:15; Ro 13:1; **h** Ps 119:6; Ro 13:3; Ro 13:5; 1Pe 3:13; **i** 1Sa 24:13; 1Sa 26:10; 1Kr 12:32; Ps 37:7; Spr 17:24; **j** Pr 3:17; **k** Lu 17:27; Lu 17:29; **l** Mt 24:44; **m** Job 34:14; Pr 12:7; **n** Ps 89:48; Ps 104:29; Ps 146:4; **o** Ro 5:12; Ro 5:14; **p** Ps 9:17; Ps 52:5; Spr 14:32; Jes 28:18; **q** Ge 3:16; Eks 1:14; 2Kn 25:7; Mi 7:3; **r** 2Kn 9:34; 2Kr 28:27; **s** Mt 24:15.

die stad waar hulle so opgetree
het.[a] Ook dit is nietigheid.
**11** Omdat die vonnis oor ’n
slegte werk nie gou voltrek is
nie,[b] daarom is die hart van
die mensekinders in hulle vol-
kome daarop gerig om kwaad te
doen.[c] **12** Hoewel ’n sondaar
miskien honderd keer kwaad
doen[d] en lank bly lewe soos dit
hom behaag, weet ek nietemin
ook dat dit goed sal afloop met
dié wat die ware God vrees,[e]
omdat hulle hom gevrees het.[f]
**13** Maar dit sal glad nie goed
afloop met die goddelose nie,[g]
en ook sal hy nie sy dae, wat
soos ’n skaduwee is, verleng
nie,[h] omdat hy God nie vrees
nie.[i]
**14** Daar is ’n nietigheid wat
op die aarde uitgevoer word,
dat daar regverdiges is met
wie dit gaan volgens die werk
van die goddeloses,[j] en dat daar
goddeloses is met wie dit gaan
volgens die werk van die reg-
verdiges.[k] Ek het gesê dat ook
dit nietigheid is.
**15** En ek het blydskap ge-
prys,[l] omdat die mensdom niks
beters onder die son het as om
te eet en te drink en vrolik te
wees nie, en dat dit hulle mag
vergesel in hulle harde werk ge-
durende die dae van hulle le-
we,[m] wat die ware God hulle on-
der die son gegee het.[n] **16** In
ooreenstemming hiermee het
ek my hart daarop gerig[o] om
wysheid te ken en om die be-
drywigheid te sien wat op die
aarde beoefen word,[p] omdat
daar iemand is wat geen slaap
met sy oë sien nie, nie bedags of
snags nie.[q]
**17** En ek het al die werk van
die ware God gesien,[r] hoe die
mensdom nie die werk kan uit-
vind wat onder die son gedoen
is nie;[s] hoe die mensdom hulle
ook al inspan om te soek, tog
vind hulle dit nie uit nie.[a] En al
sou hulle ook sê dat hulle wys
genoeg is om dit te weet,[b] sal
hulle dit nie kan uitvind nie.[c]

**9** Want ek het dit alles ter
harte geneem, ja, om dit al-
les na te speur,[d] dat die reg-
verdiges en die wyses en hulle
werke in die hand van die ware
God is.[e] Die mensdom weet
nie van al die liefde of haat
wat voor hulle was nie.[f] **2** Al-
mal is dieselfde in wat almal
het.[g] Een uiteinde[h] is daar vir
die regverdige[i] en die goddelo-
se,[j] die goeie en die reine en
die onreine, en die een wat
offerandes bring en die een
wat nie offerandes bring nie.
Die goeie is dieselfde as die son-
daar;[k] die een wat sweer, is die-
selfde as iemand wat bang was
vir ’n geswore eed.[l] **3** Dít is
rampspoedig in alles wat onder
die son gedoen is, dat die hart
van die mensekinders, omdat
daar een uiteinde vir almal is,[m]
ook vol slegtheid is;[n] en daar is
waansin[o] in hulle hart geduren-
de hulle lewe, en daarna—na
die dooies toe![p]
**4** Want met betrekking tot
elkeen wat met al die lewen-
des verenig is, is daar vertroue,
omdat ’n lewende hond[q] beter
daaraan toe is as ’n dooie leeu.[r]
**5** Want die lewendes is daarvan
bewus dat hulle sal sterf;[s] maar
wat die dooies betref, hulle is
bewus van hoegenaamd niks,[t]
en ook het hulle geen loon meer
nie, want hulle nagedagtenis
is vergeet.[u] **6** Ook hulle liefde
en hulle haat en hulle jaloesie

**HFST. 8**

a Spr 10:7; Pr 9:5; Heb 10:38
b Eks 8:15; 1Sa 2:23; Ps 10:6; Jes 26:10; Mt 24:48
c Eks 9:16; Jer 44:17; 2Pe 3:9
d 1Kn 21:25; Spr 13:21; Ro 9:22
e Ps 37:11; Ps 37:18; Ps 112:1; Ps 115:13; Jes 3:10; Jes 65:13; Mt 25:34; 2Pe 2:9
f Ps 25:14; Ps 34:9; Ps 103:13; Spr 23:17
g Nu 32:23; Job 18:5; Ps 11:5; Ps 37:10; Jes 57:21; Mt 25:46; 2Pe 2:12
h Job 24:24; Pr 6:12; Lu 12:20; Jak 1:11; 2Pe 2:3
i Ps 14:1; Ps 36:1
j Pr 7:15; Mt 27:22
k Ps 37:7; Ps 73:12; Mal 3:15
l Ps 100:2; Pr 3:12; Mt 5:12; Flp 4:4
m Pr 2:24; 1Ti 6:17
n Pr 1:3
o Spr 14:33; Spr 22:17; Pr 7:25
p Pr 1:13
q Pr 2:23
r Ge 1:1; Ps 40:5; Ps 104:24; Ps 146:6; Jes 40:28
s Job 11:7; Pr 3:11; Pr 11:5; Ro 11:33

**Tweede kol.**

a Job 28:12
b Spr 3:7; Spr 26:5
c Pr 7:24; Pr 11:5; Da 12:9

**HFST. 9**

d Pr 1:17; Pr 7:25; Pr 8:16
e De 33:3; 1Sa 2:9; Ps 37:5

f Pr 9:6; g Mt 5:45; Han 14:17; h Pr 5:15; i Ge 25:8; j Job 21:7; Job 21:23; Pr 8:10; k Ro 5:12; l 1Sa 14:26; m Job 3:19; Job 14:10; Pr 2:15; n Ge 8:21; o Pr 7:25; p 1Ko 15:32; q Jes 38:19; Mt 15:27; r 2Kr 35:24; Spr 30:30; s Ge 3:19; Ge 47:30; Ro 5:12; t Ps 88:10; Ps 115:17; Ps 146:4; Jes 38:18; Joh 11:11; u Job 7:10; Ps 109:15; Pr 2:16; Jes 26:14.

het reeds vergaan,[a] en hulle het
tot onbepaalde tyd geen deel
meer aan enigiets wat onder die
son gedoen moet word nie.[b]
**7** Gaan, eet jou voedsel met
blydskap en drink jou wyn met
’n goeie hart,[c] want die ware
God het reeds behae geskep in
jou werke.[d] **8** Laat jou klere
by elke geleentheid wit wees,[e]
en laat olie op jou kop nie ont-
breek nie.[f] **9** Geniet die lewe
met die vrou wat jy liefhet,[g] al
die dae van jou nietige lewe wat
Hy jou onder die son gegee het,
al die dae van jou nietigheid,
want dit is jou deel in die lewe[h]
en in jou harde werk waarmee
jy hard werk onder die son.
**10** Alles wat jou hand vind om
te doen, doen dit met jou mag,[i]
want daar is geen werk of be-
planning of kennis[j] of wysheid[k]
in Sjeool,[l] die plek waarheen jy
gaan nie.[m]
**11** Ek het teruggekeer en
onder die son gesien dat die vin-
niges nie die wedloop het nie[n]
en die sterkes ook nie die geveg
nie,[o] en dat die wyses ook nie
die voedsel het nie[p] en dié met
begrip ook nie die rykdom nie,[q]
en dat selfs dié wat kennis het,
nie die guns het nie;[r] want tyd
en onvoorsiene gebeurtenisse
tref hulle almal.[s] **12** Want die
mens[t] ken ook nie sy tyd nie.[u]
Soos visse wat in ’n bose net ge-
vang word,[v] en soos voëls wat
in ’n valstrik gevang word,[w]
so word die mensekinders op
’n rampspoedige tyd verstrik,[x]
wanneer dit hulle skielik oor-
val.[y]
**13** Ook dít het ek met be-
trekking tot wysheid onder die
son gesien—en dit was vir my
groot: **14** Daar was ’n klein
stad, en die manne daarin was
min; en ’n groot koning het
daarheen gekom, en hy het
dit omsingel en groot vestings
daarteen gebou.[a] **15** En ’n be-
hoeftige maar wyse man is
daarin gevind, en dié het deur
sy wysheid aan die stad ontko-
ming verskaf.[b] Maar geen mens
het dié behoeftige man ont-
hou nie.[c] **16** En ek het gesê:
“Wysheid is beter as krag;[d] tog
word die wysheid van die be-
hoeftige verag, en na sy woorde
word daar nie geluister nie.”[e]
**17** Die kalm woorde van die
wyses word eerder aangehoor[f]
as die geskreeu van iemand wat
onder sotte heers.[g]
**18** Wysheid is beter as oor-
logswapens, en net een sondaar
kan baie goeie dinge tot niet
maak.[h]

**10** Dooie vlieë laat die olie
van die salfmaker[i] stink
en borrel. Dit is wat ’n bie-
tjie dwaasheid aan iemand doen
wat kosbaar is weens wysheid
en heerlikheid.[j]
**2** Die hart van die wyse is
aan sy regterhand,[k] maar die
hart van die sot aan sy linker-
hand.[l] **3** En watter weg die
dwaas ook bewandel,[m] dit ont-
breek hom aan ’n verstandige
hart, en hy sê beslis vir almal
dat hy dwaas is.[n]
**4** As die gees van ’n heer-
ser teen jou opkom, moet jy jou
eie plek nie verlaat nie,[o] want
kalmte versag groot sondes.[p]
**5** Daar is iets rampspoedigs
wat ek onder die son gesien
het, soos wanneer daar ’n fout[q]
weens die maghebber uitgaan:[r]
**6** Dwaasheid is in talle hoë po-
sisies geplaas,[s] maar die rykes
bly maar in ’n vernederde toe-
stand.

l Spr 17:16; Pr 10:14; Mt 25:41; m Spr 10:23; Spr 18:6; 1Pe 4:4; n Spr 13:16; Spr 18:7; Spr 29:11; Pr 5:3; o 1Kn 2:36; Pr 8:3; Tit 3:2; p 1Sa 25:24; Spr 25:15; q 1Kn 12:10; r 1Sa 26:21; Jes 3:12; s 1Kn 12:14; Est 3:1; Spr 28:12; Pr 4:13.

HFST. 9
a Ps 1:6; Pr 9:1
b Pr 9:10
c De 12:7; 1Kn 8:66; Ps 104:15; Pr 2:24
d De 16:15; Han 10:31; Han 10:35; Han 14:17
e Op 3:5; Op 7:14; Op 19:8
f Da 10:3; Mt 6:17; Lu 7:46
g Spr 5:18
h Pr 5:18
i 2Kr 31:21
j Jes 38:18
k Ps 146:4
l Ge 37:35; 1Kn 2:6; Jes 5:14
m Ps 115:17
n Jer 46:6; Am 2:14
o 1Sa 17:50; Ps 33:16
p Pr 9:15
q Pr 2:15
r 2Sa 17:23
s Ge 42:4; 1Sa 6:9; 1Kn 22:34
t Job 14:1; Ps 8:4
u Pr 8:8; Jak 4:14
v Hab 1:15
w Spr 7:23
x Lu 21:34
y Lu 21:35

Tweede kol.
a 2Sa 20:15
b 2Sa 20:22; Pr 7:12
c Ge 40:23; Ps 31:12; Pr 9:11
d Spr 21:22; Spr 24:5; Pr 7:19; Pr 9:18
e Spr 10:15; Mr 6:3; Joh 7:48; 1Ko 1:27; 1Ko 2:8
f Ge 41:39; Spr 22:17; Da 12:3
g 1Sa 7:3
h Jos 22:20; 1Ko 5:6; Ga 5:9; Tit 1:11; Heb 12:15; 3Jo 10

HFST. 10
i Eks 30:35
j Nu 20:12; 2Sa 12:12
k Spr 14:8; Mt 25:33; Lu 14:28

**7** Ek het knegte op perde ge-
sien maar vorste wat soos kneg-
te op die grond loop.[a]
**8** Hy wat ’n put grawe, sal
self daarin val;[b] en hy wat deur
’n klipmuur breek, ’n slang sal
hom byt.[c]
**9** Hy wat klippe uitbreek,
sal hom daarmee seermaak. Hy
wat stompe kloof, sal versigtig
moet wees daarmee.[d]
**10** As ’n ysterwerktuig stomp
geword het en ’n mens sy sny-
kant nie geslyp het nie,[e] dan
sal hy sy lewenskragtigheid in-
span. So beteken dit voordeel as
wysheid gebruik word om suk-
ses te behaal.[f]
**11** As die slang byt wanneer
geen beswering plaasvind nie,[g]
dan is daar geen voordeel vir
die een wat aan die tong die
vrye loop gee nie.
**12** Die woorde uit die mond
van die wyse beteken guns,[h]
maar die lippe van die sot ver-
swelg hom.[i] **13** Die begin van
die woorde van sy mond is
dwaasheid,[j] en die uiteinde van
sy mond is rampspoedige waan-
sin. **14** En die dwaas spreek
baie woorde.[k]
Die mens weet nie wat sal ge-
beur nie; en wie kan hom vertel
wat ná hom sal wees?[l]
**15** Die harde werk van die
sotte maak hulle moeg,[m] omdat
nie een te wete gekom het hoe
om na die stad te gaan nie.[n]
**16** Hoe sal dit met jou gaan,
o land, wanneer jou koning ’n
seun is[o] en jou vorste selfs in
die oggend bly eet? **17** Geluk-
kig is jy, o land, wanneer jou ko-
ning die seun van edeles is en
jou vorste op die regte tyd eet
om hulle te versterk, nie bloot
om te drink nie.[p]
**18** Deur groot luiheid sak die
balkwerk in, en deur slapheid
van die hande lek die huis.[q]
**19** Brood is vir die gelag van
die werkers, en wyn maak die
lewe vrolik;[a] maar geld vind
weerklank in alles.[b]
**20** Spreek selfs in jou slaap-
kamer nie ’n vloek oor die ko-
ning uit nie,[c] en spreek in die
binnekamers waar jy gaan lê,
nie ’n vloek oor ’n ryke uit nie;[d]
want ’n voël van die hemel sal
die geluid oordra, en iets wat
vlerke het, sal die saak vertel.[e]

**11** Stuur jou brood uit[f] op
die oppervlak van die
waters,[g] want na verloop van
baie dae sal jy dit weer vind.[h]
**2** Gee ’n deel aan sewe, of selfs
aan agt,[i] want jy weet nie wat-
ter rampspoed op die aarde sal
plaasvind nie.[j]
**3** As die wolke vol water is,
giet hulle ’n ware stortreën op
die aarde uit;[k] en as ’n boom na
die suide of na die noorde val,
op die plek waar die boom[l] val,
daar sal dit lê.
**4** Hy wat die wind dophou,
sal nie saad saai nie; en hy wat
na die wolke kyk, sal nie oes
nie.[m]
**5** Net soos jy nie weet wat
die weg is van die gees in die ge-
beente in die moederskoot van
haar wat swanger is nie,[n] net
so ken jy nie die werk van die
ware God wat alles doen nie.[o]
**6** Saai jou saad in die oggend
en laat jou hand tot die aand
nie rus nie;[p] want jy weet nie
waar dit sukses sal behaal nie,[q]
hetsy hier of daar, en of hulle al
twee ewe goed sal wees nie.
**7** Die lig is ook soet, en dit
is goed vir die oë om die son te
sien;[r] **8** want as ’n mens baie
jare lewe, moet hy hom in hulle

**HFST. 10**
a 2Sa 3:39; Spr 19:10; Spr 30:22; Jes 3:5
b 2Sa 17:23; Est 7:10; Ps 7:15; Ps 9:15; Spr 26:27
c Am 5:19; Am 9:3
d De 19:5
e 1Sa 13:20
f Eks 31:3; 2Kr 2:14; Pr 9:10
g Ps 58:5; Jer 8:17
h 1Kn 10:8; Job 4:4; Ps 37:30; Spr 10:21; Lu 4:22; Ef 4:29
i Ps 64:8; Spr 10:14; Spr 14:3
j 1Sa 20:31; 1Sa 25:10; 2Kn 6:31; Lu 6:11
k Spr 10:19; Spr 15:2
l Spr 27:1; Pr 6:12; Pr 8:7; Jak 4:14
m Hab 2:13
n Ps 107:4
o 2Kr 13:7; 2Kr 36:9; Jes 3:4
p Spr 31:4; Jes 28:7; Ho 7:5
die manne met lewenskragtig-
heid om sterk drank te meng,[e]
23 dié wat die goddelose vir
’n omkoopgeskenk regverdig
verklaar[f] en wat die regverdi-
ge selfs sy regverdigheid ont-
neem![g]
24 Daarom, net soos ’n vuur-
tong die stoppels verteer[h] en
verdorde gras in die vlamme
wegsink, sal hulle wortelstok
soos ’n mufreuk word,[i] en hulle
bloeisel sal soos poeier opstuif,
omdat hulle die wet van Jeho-
vah van die leërs verwerp het[j]
en die woord van die Heili-
ge van Israel geminag het.[k]
25 Daarom het die toorn van
Jehovah teen sy volk ontvlam,
en hy sal sy hand teen hulle uit-
steek en hulle slaan.[l] En die ber-
ge sal in beroering wees,[m] en
hulle lyke sal soos die afval op
die strate word.[n]
Met die oog op dit alles het sy
toorn nie gewyk nie, maar bly
sy hand uitgesteek. 26 En hy
het ’n baken opgerig vir ’n groot
nasie wat ver is,[o] en hy het vir
hom daar aan die einde van die
aarde gefluit;[p] en kyk! in haas
sal hy vinnig kom.[q] 27 Daar
is geen vermoeide en ook nie-
mand wat struikel onder hulle
nie. Niemand is lomerig nie en
niemand slaap nie. En die gor-
del om hulle lendene sal beslis
nie losgemaak word nie, en ook
sal die rieme van hulle sanda-
le nie in twee gebreek word nie;
28 want hulle pyle is skerp en al
hulle boë is gespan.[a] Die hoewe
van hulle perde sal as vuurklip
beskou moet word[b] en hulle wie-
le as ’n stormwind.[c] 29 Hulle
gebrul is soos dié van ’n leeu, en
hulle brul soos jong maanhaar-
leeus.[d] En hulle sal grom en die
prooi gryp en dit veilig weg-
bring, en daar sal geen verlos-
ser wees nie.[e] 30 En hulle sal
in dié dag daaroor grom soos
met die gegrom van die see.[f] En
’n mens sal na die land staar,
en kyk! daar is angswekkende
duisternis;[g] en selfs die lig het
donker geword weens die drup-
pels wat daarop val.

**6** In die jaar dat koning Us-
si′a gesterf het,[h] het ek Je-
hovah[i] op ’n hoë en verhewe
troon[j] sien sit, en die slippe van
sy kleed het die tempel gevul.[k]
2 Serafs het bo hom gestaan.[l]
Elkeen het ses vlerke gehad.
Met twee vlerke het hy sy ge-
sig bedek,[m] en met twee het hy
sy voete bedek, en met twee het
hy rondgevlieg. 3 En die een
het die ander toegeroep en ge-
sê: “Heilig, heilig, heilig is Jeho-
vah van die leërs.[n] Die volheid
van die hele aarde is sy heerlik-
heid.” 4 En die spille[o] in die
drumpels het begin tril van die
stem van die een wat roep, en
die huis het geleidelik vol rook
geword.[p]
5 En ek het gesê: “Wee my!
Want ek is so goed as tot swye
gebring, want ’n man onrein
van lippe is ek,[q] en ek woon on-
der ’n volk wat onrein van lippe
is;[r] want my oë het die Koning,
Jehovah van die leërs, gesien!”[s]

**HFST. 5**
a Spr 24:9, Jer 5:12, Jer 17:15, Ese 12:22, Am 5:18
b Spr 17:15, Mal 2:17
c Mt 15:6, 2Pe 2:3
d Spr 3:7, Spr 15:12, Joh 9:41, Ro 1:22, Ro 12:16
e Spr 23:20, Spr 31:5, Jes 5:11
f De 16:19, Spr 17:23, Jes 1:23, Mi 3:11, Jak 2:9
g 1Kn 21:13, Ps 94:21, Spr 17:15, Mt 23:35, Jak 5:6
h Eks 15:7, Jl 2:5, Na 1:10, Mal 4:1
i Job 18:16, Ho 9:16, Am 2:9
j 1Sa 15:23, 2Kn 17:14, Ne 9:26, Ps 50:17, Heb 10:28
k De 31:20, Jes 1:4
l De 31:17, 2Kr 36:16, Klg 2:2
m Na 1:5
n 2Kn 9:37, Ps 83:10, Jer 8:2
o Jer 52:4
p De 28:49, Jer 5:15
q Jer 4:13, Klg 4:19

**Tweede kol.**
a Ps 120:4
b Spr 21:31, Ese 3:9
c Hab 1:8
d Jer 50:17
e Ps 50:22, Jes 42:22
f Jer 6:23
g Jes 8:22, Jer 4:23, Jl 2:10, Am 8:9

**HFST. 6**
h 2Kr 26:23
i Eks 33:20, De 4:12, De 4:15, Joh 1:18, Joh 4:24
j 1Kn 22:19
k Da 7:9
l Jes 6:6
m Eks 3:6

n Eks 15:11; Hab 1:13; Op 4:8; o Spr 26:14; p Op 15:8; q Job 14:4; r Jes 29:13; Jak 3:2; s Ge 32:30; Eks 33:20; Rig 6:22; Rig 13:22; Joh 1:18; Joh 4:24.

6 Daarop het een van die se-
rafs na my toe gevlieg, en in
sy hand was ’n gloeiende kool[a]
wat hy met ’n tang van die al-
taar af geneem het.[b] 7 En hy
het my mond aangeraak[c] en
gesê: “Kyk! Dit het jou lippe
aangeraak, en jou oortreding
het gewyk en jou sonde is ver-
soen.”[d]
8 En ek het die stem van Je-
hovah begin hoor wat sê: “Wie
sal ek stuur, en wie sal vir ons
gaan?”[e] En ek het gesê: “Hier
is ek! Stuur my.”[f] 9 En hy het
gesê: “Gaan, en jy moet vir hier-
die volk sê: ‘HOOR keer op keer,
maar moenie verstaan nie; en
sien keer op keer, maar moe-
nie enige kennis verkry nie.’[g]
10 Maak die hart van hierdie
volk onontvanklik[h] en maak
hulle ore ongevoelig[i] en plak
hulle oë toe, sodat hulle nie
met hulle oë sien en met hulle
ore hoor nie, en sodat hulle hart
nie verstaan nie en sodat hulle
nie terugdraai en vir hulle ge-
nesing verkry nie.”[j]
11 Hierop het ek gesê: “Hoe
lank, o Jehovah?”[k] Toe het hy
gesê: “Totdat die stede in puin
stort, om sonder inwoner te
wees, en die huise sonder ’n
mens is en die land verwoes is
tot ’n woesteny,[l] 12 en Jeho-
vah die mens ver verwyder, en
die verlate toestand baie uitge-
breid raak in die land.[m] 13 En
daar sal nog ’n tiende daarin
wees,[n] en dit sal weer iets word
wat verbrand moet word, soos
’n groot boom en soos ’n yslike
boom waarvan daar, wanneer
dit afgekap word,[o] ’n stomp
oorbly;[p] ’n heilige saad sal die
stomp daarvan wees.”[q]

**7** En in die dae van Agas,[r] die
seun van Jotam, die seun
van Ussi′a, die koning van Juda,
het Resin,[s] die koning van Sirië,
en Peka,[a] die seun van Rema′-
lia, die koning van Israel, na Je-
rusalem opgetrek om daarteen
oorlog te voer, en hy kon nie
daarteen veg nie.[b] 2 En ’n be-
rig is aan die huis van Dawid ge-
stuur met die woorde: “Sirië het
op E′fraim gesteun.”[c]
En sy hart en die hart van
sy volk het begin bewe, soos die
bome van die woud bewe weens
die wind.[d]
3 En Jehovah het vir Jesa-
ja gesê: “Gaan asseblief uit om
Agas te ontmoet, jy en jou seun
Sear-Jasub,[e] na die end van die
leikanaal[f] van die boonste dam
langs die grootpad van die was-
sersveld.[g] 4 En jy moet vir
hom sê: ‘Let op jouself en bly
rustig.[h] Moenie bang wees nie,
en moenie jou hart vreesagtig
laat wees[i] weens die twee pun-
te van hierdie rokende stom-
pe, weens die brandende toorn
van Resin en Sirië en die seun
van Rema′lia nie,[j] 5 omdat Si-
rië met E′fraim en die seun van
Rema′lia kwaad teen jou beplan
het deur te sê: 6 “Laat ons
teen Juda optrek en dit uitme-
kaar skeur en deurbreek om dit
vir ons te neem; en kom ons laat
’n ander koning daarin regeer,
die seun van Ta′beël.”[k]
7 “‘Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: “Dit sal nie
tot stand kom nie, en dit sal nie
gebeur nie.[l] 8 Want die hoof
van Sirië is Damaskus en die
hoof van Damaskus is Resin;
en binne slegs vyf-en-sestig jaar
sal E′fraim verpletter word, so-
dat dit geen volk meer is nie.[m]
9 En die hoof van E′fraim is Sa-
mari′a,[n] en die hoof van Sa-
mari′a is die seun van Rema′-
lia.[o] As julle nie geloof het
nie, sal julle nie lank bly be-
staan nie.”’”[p]
10 En Jehovah het nog ver-
der met Agas gepraat en gesê:

**HFST. 6**

a Ese 10:2
b Op 8:5
c Jer 1:9; Da 10:16
d Ps 51:2; Mi 7:18; Sag 3:4
e Ge 1:26; Ge 3:22; Joh 1:2
f 1Sa 3:8; Ps 110:3; Mt 4:20
g Jes 44:18; Jer 5:21; Mt 13:14; Lu 8:10; Han 28:26
h Eks 7:3; 1Sa 6:6; Ese 3:7; 2Ko 2:16
i Jer 6:10; Sag 7:11; Joh 3:20; Han 28:27
j 1Sa 2:25; Mt 13:15
k Ps 74:10; Ps 94:3
l 2Kr 36:21; Jes 1:7; Jes 3:26; Jes 24:1
m 2Kn 25:11; Jer 52:28
n Jes 10:20; Ro 9:27
o Mt 3:10
p Ro 11:7
q Ge 22:18; Ro 11:5; Ga 3:16; Ga 3:29

**HFST. 7**

r 2Kn 16:1; 2Kr 28:1
s 2Kn 16:5

**Tweede kol.**

a 2Kn 15:37; 2Kr 28:6
b 2Kn 16:5
c 2Kr 25:7; Jes 11:13; Ese 37:16
d Le 26:36; Spr 28:1
e Jes 8:18
f 2Kn 18:17; 2Kn 20:20
g Jes 36:2
h Klg 3:26; Mt 10:28
i De 20:3
j 2Kn 15:30; Jes 8:6
k 2Kn 16:5
l Ps 2:4; Ps 33:11; Spr 21:30
m 2Kn 17:6; Ho 1:6
n 1Kn 16:24
o 2Kn 15:27
p 2Kr 20:20; Ne 9:35; Heb 11:6

**11** “Vra vir jou ’n teken van Je-
hovah jou God,[a] en maak dit so
diep soos Sjeool of maak dit so
hoog soos die streke daar bo.”
**12** Maar Agas het gesê: “Ek sal
nie vra nie, en ook sal ek Jeho-
vah nie op die proef stel nie.”

**13** En hy het gesê: “Luister
asseblief, o huis van Dawid. Is
dit vir julle so ’n kleinigheid
om mense te vermoei, dat jul-
le ook my God moet vermoei?[b]
**14** Daarom sal Jehovah self vir
julle ’n teken gee: Kyk! Die jong
vrou[c] sal swanger word,[d] en sy
gee geboorte aan ’n seun,[e] en sy
sal hom beslis Imma′nuel noem.
**15** Botter en heuning sal hy eet
teen die tyd dat hy weet om die
slegte te verwerp en die goeie
te kies.[f] **16** Want voordat die
seun sal weet om die slegte te
verwerp en die goeie te kies,[g]
sal die land van die twee ko-
nings vir wie jy ’n ontsetten-
de vrees het, heeltemal verla-
te wees.[h] **17** Jehovah sal teen
jou[i] en teen jou volk en teen
die huis van jou vader dae bring
soos daar nie gekom het sedert
die dag toe E′fraim van Juda[j] se
sy gewyk het nie,[k] naamlik die
koning van Assi′rië.

**18** “En in dié dag sal Jeho-
vah fluit vir die vlieë wat aan
die einde van die Nylkanale van
Egipte is en vir die bye[l] wat
in die land Assi′rië is,[m] **19** en
hulle sal almal beslis kom en
gaan sit in die steil stroomval-
leie en in die klowe van die
kranse en op al die doringbosse
en op al die drinkplekke.[n]

**20** “In dié dag sal Jehovah
deur middel van ’n gehuurde
skeermes in die streek van die
Rivier,[o] ja, deur middel van die
koning van Assi′rië,[p] die kop en
die hare van die voete afskeer,
en dit sal selfs die baard weg-
vee.[q]

**21** “En in dié dag sal ’n man
’n jong koei uit die kudde en
twee skape in die lewe hou.[a]
**22** En weens die oorvloed van
melk wat gelewer word, sal hy
botter eet; want botter en heu-
ning[b] sal almal eet wat in die
land oorgebly het.

**23** “En in dié dag sal elke
plek waar duisend wingerd-
stokke gestaan het, wat dui-
send silwerstukke werd was,[c]
vir die doringbosse en vir die
onkruid wees.[d] **24** Met pyle
en die boog sal hy daarheen
kom,[e] want die hele land sal net
doringbosse en onkruid word.
**25** En al die berge waar lastige
plante voorheen met ’n skof-
fel verwyder is—jy sal daar nie
kom nie uit vrees vir doring-
bosse en onkruid; en dit sal be-
slis ’n plek word om bulle los te
laat en om deur skape vertrap
te word.”[f]

**8** En Jehovah het verder vir
my gesê: “Neem vir jou ’n
groot tafel[g] en skryf daarop met
die stif van ’n sterflike mens:
‘Maher′-Salal′-Has-Bas.’ **2** En
laat ek vir my getuienis[h] verkry
deur getroue getuies:[i] die pries-
ter Uri′a[j] en Sagari′a, die seun
van Jebereg′ja.”

**3** Toe het ek by die profetes
gekom, en sy het swanger ge-
word en na verloop van tyd ge-
boorte gegee aan ’n seun.[k] Je-
hovah het toe vir my gesê:
“Noem hom Maher′-Salal′-Has-
Bas, **4** want voordat die seun
sal weet om te roep:[l] ‘My vader!’
en ‘My moeder!’ sal die rykdom
van Damaskus en die buit van
Samari′a voor die koning van
Assi′rië weggedra word.”[m]

**5** En Jehovah het nog ver-
der met my gepraat en gesê:
**6** “Omdat hierdie volk die wa-
ters van die Silo′a[n] verwerp
het,[o] wat saggies vloei, en daar

**HFST. 7**
a Rig 6:36, Jes 37:30, Jes 38:7, Mt 12:38
b 2Kr 36:16, Mal 2:17, Han 7:51
c Lu 1:34
d Mt 1:23, Lu 1:35
e Jes 9:6, Joh 1:14, 1Ti 3:16
f Spr 8:13, Lu 2:40, Ro 12:9
g De 1:39
h 2Kn 15:29, 2Kn 16:9, Jes 8:4, Jes 17:1
i 2Kr 28:19, Ne 9:32
j 1Kn 12:20
k 2Kn 18:14
l De 1:44, Ps 118:12
m 2Kn 18:13, 2Kn 19:4
n 2Kn 18:17, 2Kr 33:11
o Ge 15:18, 2Kn 23:29
p 2Kn 16:7, 2Kr 28:20
q Jes 9:14, Jes 15:2, Jes 24:3

**Tweede kol.**
a Jer 39:10
b 2Sa 17:29
c Hgl 8:11
d Jes 5:6, Jes 32:13, Jer 4:26, Heb 6:8
e Ese 39:9
f Jes 34:13

**HFST. 8**
g Jes 30:8, Hab 2:2
h Rut 4:7, Jes 8:16
i 2Ko 13:1
j 2Kn 16:10
k Jes 8:18
l Jes 7:16
m 2Kn 15:29, 2Kn 16:9, 2Kn 17:6, Jes 17:1
n Ps 36:9, Jer 17:13, Joh 9:7
o 2Kn 17:16

vreugde[a] oor Resin en die seun
van Rema′lia is,[b] **7** kyk! daar-
om laat Jehovah die magtige
en die baie waters van die Ri-
vier[c] teen hulle opkom,[d] die ko-
ning van Assi′rië[e] en al sy heer-
likheid.[f] En hy sal beslis bo al
sy stroombeddings styg en oor
al sy oewers gaan **8** en dwars-
deur Juda beweeg.[g] Hy sal oor-
stroom en oorloop. Tot aan die
nek sal hy reik.[h] En die uit-
spreiding van sy vlerke[i] sal die
breedte van jou land vul, o Im-
ma′nuel!”[j]

**9** Rig skade aan, o volke,
en word verpletter; en luis-
ter, almal wat in verafgeleë
dele van die aarde is![k] Om-
gord julle[l] en word verpletter![m]
Omgord julle en word verplet-
ter! **10** Beraam ’n plan, en dit
sal verbreek word![n] Spreek ’n
woord, en dit sal nie tot stand
kom nie, want God is met ons![o]
**11** Want so het Jehovah met
die sterkte van sy hand vir my
gesê, om my daarvan af te bring
om in die weg van hierdie volk
te wandel, naamlik: **12** “Julle
moenie sê: ‘’n Sameswering!’
met betrekking tot alles waar-
van hierdie volk bly sê: ‘’n Sa-
meswering!’[p] nie, en die voor-
werp van hulle vrees moet julle
nie vrees of daarvoor bewe nie.[q]
**13** Jehovah van die leërs—Hom
moet julle as heilig beskou,[r] en
hy moet die voorwerp van jul-
le vrees wees,[s] en hy moet julle
laat bewe.”[t]

**14** En hy moet ’n heilige plek
word;[u] maar ’n steen om teen
te stamp en ’n rots om oor te
struikel[v] vir die twee huise
van Israel, ’n val en ’n strik vir
die inwoners van Jerusalem.[w]
**15** En baie onder hulle sal be-
slis struikel en val en verbreek
word en sal verstrik en gevang
word.[x]

**16** Draai die getuienis toe,[a]
plaas ’n seël om die wet onder
my dissipels![b] **17** En ek sal
in afwagting bly van Jehovah,[c]
wat sy aangesig vir die huis van
Jakob verberg,[d] en ek sal op
hom hoop.[e]

**18** Kyk! Ek en die kinders
wat Jehovah my gegee het,[f] is
tekens[g] en wonderwerke in Is-
rael vanweë Jehovah van die
leërs, wat op die berg Sion
woon.[h]

**19** En as hulle vir julle sou
sê: “Wend julle tot die spiritis-
tiese mediums[i] of tot dié wat
’n voorspellende gees het, wat
piep[j] en mompel”—moet ’n volk
hom nie tot sy God wend nie?[k]
Moet mense hulle wend tot die
dooies ten behoewe van die le-
wendes?[l] **20** Tot die wet en tot
die getuienis![m]

Waarlik, hulle sal bly praat
volgens hierdie verklaring[n] wat
geen lig van die dagbreek sal
hê nie.[o] **21** En elkeen sal be-
slis gekneld en honger deur die
land trek;[p] en omdat hy hon-
ger is en homself verontwaar-
dig laat voel het, sal hy ’n vloek
oor sy koning en oor sy God
uitspreek[q] en beslis na bo tuur.
**22** En die aarde sal hy aanskou,
en kyk! benoudheid en duister-
nis,[r] donkerte, moeilike tye en
somberheid sonder enige hel-
derheid.[s]

**9** Maar die donkerte sal nie
wees soos toe die land in be-
noudheid was nie, soos in die
vroeëre tyd toe die land van
Se′bulon en die land van Naf′-
tali[t] met veragting bejeën is en
toe dit in die latere tyd tot
eer gebring is[u]—die weg aan die

**HFST. 8**
a Spr 17:5, Spr 24:17
b Jes 7:1
c 1Kr 18:3, Jes 7:20
d De 28:49
e 2Kn 17:5, 2Kn 18:9, Jes 7:17
f Ese 31:3
g 2Kr 28:20, Jes 10:28
h Jes 30:28
i Ese 17:3
j Jes 7:14, Mt 1:23
k Mi 4:11, Sag 14:2
l 1Kn 20:11
m 2Kr 32:21, Jes 37:36
n Ps 2:9, Ps 33:10, Spr 21:30
o De 20:1, Ps 44:3, Ro 8:31, 1Jo 4:4
p 2Kn 16:5, Jes 7:2
q De 32:21, Ps 96:5, Jes 44:8, Jer 16:20, 1Ko 8:4, 1Pe 3:14
r Le 10:3, Le 22:32, Jes 29:23
s Spr 8:13, Pr 12:13, Mt 10:28, Lu 12:5, Op 15:4
t Ps 2:11, Ps 76:7, Jes 66:2, Mal 2:5, Flp 2:12
u Joh 14:6, Flp 2:9, Kol 3:17
v Spr 4:19, Jes 28:16, Mt 13:57, Lu 20:18, Ro 9:32, Ro 9:33, 1Pe 2:8
w Mt 13:57
x Mt 11:6, Mt 21:44, 1Ko 1:23

**Tweede kol.**
a Rut 4:7, Jes 8:2, Da 12:4, Op 5:1
b Jes 29:11, Da 12:9
c Ps 33:20, Ps 39:7, Heb 6:12, 2Pe 3:9
d De 31:17, De 32:20, Ese 39:23, Mi 3:4
e Ps 37:34, Ps 40:1, Ps 146:5

**f** Jes 7:16; Jes 8:3; Heb 2:13; **g** Jes 7:14; 1Ko 4:9; **h** Ps 9:11; Jes 12:6; Jes 24:23; **i** Le 20:6; De 18:11; **j** Jes 29:4; **k** Eks 19:5; 2Kn 1:3; Ps 135:4; **l** Ps 146:4; Pr 9:5; **m** Jes 8:2; **n** Jes 8:19; **o** Spr 4:19; **p** De 28:48; 2Kn 25:3; Jer 52:6; Klg 4:4; **q** Eks 22:28; Spr 19:3; **r** Spr 4:19; Sef 1:15; Mt 8:12; **s** 2Kr 15:5; Jer 23:12; Jl 2:31; **HFST. 9** **t** 2Kn 15:29; **u** Ge 49:21; Mt 4:13.

see, in die Jordaanstreek, Gali-
le′a van die nasies.[a] **2** Die volk
wat in die duisternis gewandel
het, het ’n groot lig gesien.[b] Dié
wat in die land van diep skadu-
wee gewoon het,[c] oor hulle het
lig geskyn.[d] **3** U het die na-
sie vermenigvuldig;[e] u het hul-
le blydskap groot gemaak.[f] Hul-
le het hulle voor u verbly soos
met die blydskap in die oestyd,[g]
soos dié wat bly is wanneer hul-
le die buit verdeel.[h]

**4** Want die juk van hulle
vrag[i] en die stok op hulle skou-
ers, die staf van die een wat
hulle dryf om te werk,[j] het
u verpletter soos op die dag
van Mi′dian.[k] **5** Want elke ste-
wel van die een wat dreunend
stamp[l] en die mantel wat in
bloed gerol is, moet verbrand
word as voedsel vir die vuur.[m]
**6** Want ’n kind is vir ons gebo-
re,[n] ’n seun is vir ons gegee;[o] en
die vorstelike heerskappy sal op
sy skouer wees.[p] En hy sal ge-
noem word: Wonderlike Raad-
gewer,[q] Magtige God,[r] Ewige
Vader,[s] Vredevors.[t] **7** Aan die
oorvloed van die vorstelike
heerskappy[u] en aan vrede sal
daar geen einde wees nie,[v] op
die troon van Dawid[w] en oor
sy koninkryk om dit stewig te
vestig[x] en om dit deur middel
van geregtigheid[y] en deur mid-
del van regverdigheid[z] in stand
te hou, van nou af en tot onbe-
paalde tyd. Die ywer van Jeho-
vah van die leërs sal dit doen.[a]

**8** Jehovah het ’n woord teen
Jakob gestuur, en dit het op Is-
rael geval.[b] **9** En die volk sal
dit beslis weet,[c] ja, hulle almal,
E′fraim en die inwoner van Sa-
mari′a,[d] weens hulle hoogmoed
en weens die vermetelheid van
hulle hart deurdat hulle sê:[e]
**10** “Bakstene het geval, maar
met gekapte klip[f] sal ons
bou. Wildevyebome[g] is afgekap,
maar met seders sal ons dit ver-
vang.” **11** En Jehovah sal Re-
sin se teenstanders teen hom
verhef, en sy vyande sal hy aan-
hits:[a] **12** Sirië uit die ooste[b]
en die Filistyne van agter,[c] en
hulle sal Israel met ’n oop mond
opeet.[d] Met die oog op dit al-
les het sy toorn nie gewyk nie,
maar bly sy hand uitgesteek.[e]

**13** En die volk het nie terug-
gekeer tot die Een wat hulle
slaan nie,[f] en hulle het Jehovah
van die leërs nie gesoek nie.[g]
**14** En Jehovah sal van Israel
kop[h] en stert,[i] loot en biesie, op
een dag afsny.[j] **15** Die bejaar-
de en hooggeagte is die kop,[k]
en die profeet wat valse on-
derrig gee, is die stert.[l] **16** En
dié wat hierdie volk lei, is dié
wat hulle laat dwaal;[m] en dié
van hulle wat gelei word, is dié
wat verward raak.[n] **17** Daar-
om sal Jehovah nie eens oor
hulle jong manne bly wees
nie,[o] en aan hulle vaderlose
seuns en hulle weduwees sal
hy geen barmhartigheid bewys
nie; want hulle is almal afvalli-
ges[p] en kwaaddoeners en elke
mond spreek onsinnigheid. Met
die oog op dit alles het sy toorn
nie gewyk nie, maar bly sy hand
uitgesteek.[q]

**18** Want die goddeloosheid
het ontvlam net soos ’n vuur;[r]
dit sal doringbosse en onkruid
verteer.[s] En dit sal in die struik-
gewasse van die woud vlam
vat,[t] en hulle sal omhoog gevoer
word soos ’n rookwolk wat op-
styg.[u] **19** In die grimmigheid
van Jehovah van die leërs is die
land aan die brand gesteek, en
die volk sal soos voedsel vir die

**HFST. 9**

a Mt 4:15
b Mt 4:16, Lu 1:79, Lu 2:32, Joh 1:9, Joh 8:12
c Am 5:8
d Mt 4:16
e Sag 2:11, Sag 8:23
f Han 8:8, Flp 4:4, 1Pe 1:8
g Ps 4:7, Ps 126:6
h 1Sa 30:16, 2Kr 20:27
i De 28:48, Jes 10:27, Jer 30:8, Ese 34:27, Na 1:13
j Jes 14:5
k Rig 8:12, Rig 8:28, Jes 10:26
l Jes 14:4
m Jes 9:19
n Jes 7:14, Lu 1:35, Lu 2:11
o Joh 1:14, Joh 3:16, Heb 1:2
p Ge 49:10, Ps 2:6, Lu 22:29, Op 19:16
q Jes 11:2, Sag 6:13, Mt 7:28, Mt 12:42
r Ps 45:3, Joh 1:18
s 1Ko 15:22, Heb 9:12, Op 1:18
t Jes 32:18, Joh 14:27
u Da 2:35
v Ps 72:7, Da 2:44
w Lu 1:32, Op 3:7
x 2Sa 7:16, Op 11:15
y Jes 42:1, Jer 23:5, Mt 12:18
z Ps 45:6, Jes 16:5, Jes 32:1, Joh 5:30, Heb 1:8
a 2Kn 19:31, Jes 37:32, Ese 36:22
b Jes 7:8
c Job 21:19, Ese 33:33
d 2Kn 17:6, Jes 7:9
e Spr 16:18, Mal 3:15
f 1Kn 7:9, Am 5:11
g 1Kn 10:27

**Tweede kol.**

a 2Kn 16:9
b 2Kn 16:6
c 2Kr 28:18

**d** De 31:17; Ps 79:7; Jer 10:25; **e** Jes 5:25; Jes 10:4; **f** Ho 7:2; Ho 7:10; **g** 2Kn 17:14; Am 4:6; Am 5:6; **h** Jes 5:13; **i** De 13:5; 2Kn 17:6; **j** Jes 10:17; Ho 10:15; **k** Jak 3:1; **l** De 13:1; Jer 5:31; Mt 7:15; **m** Jes 3:12; **n** Mt 15:14; **o** Ps 5:4; Ps 147:10; **p** De 4:25; **q** Jes 5:25; Ese 20:33; **r** Job 31:12; Na 1:6; **s** Mal 4:1; Heb 6:8; **t** Ese 20:47; **u** Ps 37:20; Ho 13:3.

vuur word.[a] Niemand sal selfs
met sy broer medelye hê nie.[b]
**20** En hulle sal aan die reg-
terkant afsny en beslis honger
wees; en hulle sal aan die lin-
kerkant eet en beslis nie ver-
sadig word nie.[c] Hulle sal elk-
een die vlees van sy eie arm
eet:[d] **21** Manas′se vir E′fraim,
en E′fraim vir Manas′se. Saam
sal hulle teen Juda wees.[e] Met
die oog op dit alles het sy toorn
nie gewyk nie, maar bly sy hand
uitgesteek.[f]

**10** Wee dié wat skadelike
voorskrifte verorden[g] en
dié wat, deur voortdurend te
skryf, pure moeite neergeskryf
het, **2** om die geringes van ’n
regsaak weg te stoot en om die
geteisterdes van my volk van
geregtigheid te beroof,[h] sodat
die weduwees hulle buit kan
word en sodat hulle selfs die
vaderlose seuns kan plunder![i]
**3** En wat sal julle doen op die
dag dat daar aandag aan jul-
le geskenk word[j] en by die ver-
woesting, wanneer dit van ver
af kom?[k] Na wie toe sal julle
vlug om hulp,[l] en waar sal julle
julle heerlikheid laat,[m] **4** aan-
gesien ’n mens hom onder die
gevangenes moet neerbuig en
mense bly val onder dié wat ge-
dood is?[n] Met die oog op dit al-
les het sy toorn nie gewyk nie,
maar bly sy hand uitgesteek.[o]

**5** “Ha, die Assiriër,[p] die roe-
de vir my toorn[q] en die stok wat
in hulle hand is vir my veroor-
deling! **6** Teen ’n afvallige[r] na-
sie sal ek hom stuur, en teen die
volk van my grimmigheid sal ek
hom ’n bevel gee,[s] om baie buit
te neem en om baie roofgoed
te neem en om dit ’n plek van
vertrapping te maak soos die
klei van die strate.[t] **7** Hoewel
hy miskien nie so is nie, sal hy
daartoe geneig voel; hoewel sy
hart miskien nie so is nie, sal hy

**HFST. 9**
a Jes 10:17, Jer 9:12, Sef 1:18
b Mi 7:6
c Le 26:26, De 28:51
d Le 26:29, De 28:55
e 2Kr 28:6
f Jes 5:25

**HFST. 10**
g Le 19:15, De 1:17
h Jes 29:21, Klg 3:36, Am 2:7
i De 27:19, Jes 1:23, Jak 1:27
j Ho 9:7
k De 28:49, Jes 5:26
l Ho 5:13
m Ps 49:17
n De 32:30
o Jes 5:25
p Ge 10:11
q 2Kn 17:3, Jes 8:4, Jes 10:24
r Ps 73:27, Jes 24:5, Jes 33:14, Jer 3:8
s 2Kn 17:6
t De 28:63, 2Kn 17:23

**Tweede kol.**
a Klg 2:16, Mi 4:11
b 2Kn 18:34, Jes 37:12
c 2Kn 18:24
d Am 6:2
e 2Kr 35:20, Jer 46:2
f 2Sa 8:9, 2Kn 17:24
g 2Kn 19:13, Jer 49:23
h 2Kn 17:5, 2Kn 18:10
i 2Kn 16:9
j 2Kn 18:34, 2Kn 19:18, 2Kr 32:19
k Jes 36:19, Jes 37:12, Jer 16:20, 1Ko 8:4
l 2Kn 21:11
m 2Kn 18:19, 2Kn 18:35, Ps 18:27
n De 8:17, Ese 25:3, Ese 29:3
o 2Kn 15:29, 2Kn 17:6, 2Kn 18:11, 1Kr 5:26
p 2Kn 16:8, 2Kn 18:16
q 2Kn 18:25
r Job 31:25, Hab 2:5

planne beraam, want om te ver-
delg, is in sy hart,[a] en om baie
nasies uit te roei.[b] **8** Want hy
sal sê: ‘Is my vorste nie terself-
dertyd konings nie?[c] **9** Is Kal-
no[d] nie soos Kar′kemis[e] nie?
Is Hamat[f] nie soos Arpad[g] nie?
Is Samari′a[h] nie soos Damas-
kus[i] nie? **10** Elke keer wan-
neer my hand die koninkryke
bereik het van die waardelose
god wie se gesnede beelde meer
is as dié in Jerusalem en in
Samari′a[j]— **11** sal ek dan nie,
soos ek aan Samari′a en aan sy
waardelose gode gedoen het,[k]
net so aan Jerusalem en aan sy
afgode doen nie?’[l]

**12** “En wanneer Jehovah al
sy werk op die berg Sion en in
Jerusalem beëindig, sal ek re-
kenskap eis vir die vrug van die
vermetelheid van die hart
van die koning van Assi′rië en
vir die eiewaan van sy verwaan-
de oë.[m] **13** Want hy het ge-
sê: ‘Met die krag van my hand
sal ek gewis optree,[n] en met my
wysheid, want ek het verstand;
en ek sal die grense van volke
verwyder,[o] en hulle opgegaarde
goedere sal ek gewis plunder,[p]
en soos ’n magtige sal ek die in-
woners neerwerp.[q] **14** En my
hand[r] sal die rykdom[s] van die
volke bykom asof dit ’n nes is; en
net soos wanneer ’n mens eiers
bymekaarmaak wat verlaat is,
sal ek die hele aarde bymekaar-
maak, en daar sal beslis nie-
mand wees wat sy vlerke klap
of sy bek oopmaak of piep nie.’”

**15** Sal die byl hom verhef bo
die een wat daarmee kap, of die
saag hom groot maak bo die een
wat dit heen en weer beweeg,
asof die staf dié wat dit oplig,
geswaai het, asof die stok die
een wat nie hout is nie, opgelig
het?[t] **16** Daarom sal die ware

s Ge 34:29; Jes 8:4; t Jes 10:5.

Heer, Jehovah van die leërs, ’n
uitterende siekte oor sy vettes
bly stuur,[a] en onder sy heerlik-
heid sal ’n brand bly brand soos
die brand van ’n vuur.[b] **17** En
Israel se Lig[c] sal ’n vuur word,[d]
en sy Heilige ’n vlam;[e] en dit
sal opvlam en op een dag sy
onkruid[f] en sy doringbosse ver-
teer. **18** En die heerlikheid
van sy woud en van sy boord
sal Hy tot ’n einde bring,[g] ja,
van die siel af tot die vlees toe,
en dit sal word soos wanneer ’n
sieke wegteer.[h] **19** En die res
van die bome van sy woud—hul-
le sal so min word dat ’n blote
seuntjie hulle sal kan opskryf.[i]

**20** En in dié dag sal die oor-
blywendes van Israel[j] en dié wat
ontkom het van die huis van Ja-
kob, nooit weer steun op hom
wat hulle slaan nie,[k] en hulle sal
beslis steun op Jehovah, die Hei-
lige van Israel,[l] in waaragtig-
heid.[m] **21** Net ’n oorblyfsel sal
terugkeer, die oorblyfsel van
Jakob, tot die Magtige God.[n]
**22** Want al sou jou volk, o Is-
rael, soos die sandkorrels van
die see wees,[o] sal net ’n oorblyf-
sel van hulle terugkeer.[p] ’n Uit-
roeiing[q] waarop besluit is, sal
soos ’n vloed deurstroom in reg-
verdigheid,[r] **23** want die Soe-
wereine Heer, Jehovah van die
leërs, sal ’n uitroeiing[s] en ’n
streng beslissing in die hele
land voltrek.[t]

**24** Daarom, só het die Soe-
wereine[u] Heer, Jehovah van die
leërs, gesê: “O my volk wat in
Sion woon,[v] moenie bang wees
vir die Assiriër wat jou met die
stok geslaan[w] het en wat sy staf
teen jou opgelig het soos Egipte
gedoen het nie.[x] **25** Want nog
’n baie kort rukkie—en die ver-
oordeling[y] sal tot ’n einde kom,
en my toorn, wanneer hulle
wegteer.[z] **26** En Jehovah van
die leërs sal beslis ’n sweep teen
hom swaai[a] soos by die neder-
laag van Mi′dian by die Oreb-
rots;[b] en sy staf sal oor die see
wees,[c] en hy sal dit beslis oplig
soos hy in die geval van Egipte
gedoen het.[d]

**27** “En in dié dag sal sy vrag
van jou skouer wyk[e] en sy juk
van jou nek,[f] en die juk sal be-
slis verwoes word[g] weens die
olie.”

**28** Hy het Ajat[h] oorval; hy
het deur Migron getrek; in Mig-
mas[i] laat hy sy voorwerpe ag-
ter. **29** Hulle het deur die drif
getrek, Geba[j] is ’n plek waar
hulle die nag deurbring, Rama[k]
het gebewe, Gi′bea[l] van Saul
het gevlug. **30** Laat jou stem
dit uitgil, o dogter van Gallim.[m]
Skenk aandag, o Laisa. O ge-
teisterde, A′natot![n] **31** Mad-
me′na het gevlug. Die inwoners
van Gebim het skuiling gesoek.
**32** Dit is nog dag in Nob[o] en
daar word tot stilstand gekom.
Hy swaai sy hand dreigend na
die berg van die dogter van
Sion, die heuwel van Jerusa-
lem.[p]

**33** Kyk! Die ware Heer, Jeho-
vah van die leërs, kap takke met
’n verskriklike slag af;[q] en dié
wat hoog gegroei het, word af-
gekap, en dié wat hoog is, word
neergegooi.[r] **34** En hy het die
struikgewasse van die woud
met ’n ysterwerktuig afgekap,
en deur ’n magtige sal die Liba-
non val.[s]

**11** En daar sal ’n takkie[t]
uit die stomp van Isai[u]
voortkom; en uit sy wortels
sal ’n spruit[v] vrugbaar[w] wees.
**2** En op hom sal die gees van

HFST. 10

a 2Kr 32:21
b Jes 30:30; Jes 30:31
c Ps 27:1; Ps 84:11; Jes 31:9; Jes 60:19; Op 22:5
d De 4:24; Jes 30:27; Heb 12:29
e Ps 18:8; Hgl 8:6
f 2Kn 14:9; Ps 97:3; Jes 9:5; Na 1:6
g 2Kr 32:21
h Jer 21:14
i Jes 37:36
j Esr 6:16; Jes 1:9; Ese 37:21; Ro 9:27
k 2Kr 28:20; Ho 5:13; Ho 14:3
l Le 19:2; 1Sa 2:2
m Esr 1:3; Ne 1:9; Jes 17:7; Jes 54:13
n Jes 65:9; Ho 1:10; Ho 6:1; Ro 9:29
o 1Kn 4:20
p Ro 9:27; Ro 11:5
q Jes 28:22
r De 32:4; Ps 145:17
s Jes 1:9
t De 28:63; Am 4:13; Ro 9:28
u Han 4:24; Heb 12:23
v Jes 4:3; Jes 12:6
w 2Kn 18:13; Jes 10:5; Jes 37:37
x Eks 14:3; Eks 14:9
y 2Kn 19:35
z Mi 7:9

Tweede kol.

a 2Kr 32:21; Jes 30:32; Jes 37:36; Mi 7:10; Na 3:7
b Rig 7:25; Rig 8:21; Ps 83:11
c Eks 14:21; Hab 3:15
d Eks 14:27; Ne 9:11; Ps 106:11
e Jes 9:4; Na 1:13
f Jes 14:25
g 2Kn 19:35; Jes 37:35; Jes 37:36
h Jos 7:2
i 1Sa 13:2; 1Sa 14:31

j Jos 18:24; Jos 21:17; 2Kr 16:6; k Ho 5:8; l Rig 20:13; Ho 9:9; Ho 10:9; m 1Sa 25:44; n Jos 21:18; 1Kn 2:26; Jer 1:1; o 1Sa 22:19; Ne 11:32; p 2Kn 19:21; Ps 132:13; Jes 10:24; q 2Kr 32:21; Jes 37:36; r Job 40:11; Jes 2:11; Da 4:37; Lu 14:11; s Na 1:4; HFST. 11 t Jes 53:2; Sag 6:12; Op 5:5; Op 22:16; u Rut 4:17; 1Sa 17:58; Mt 1:6; Lu 3:32; Han 13:22; Ro 15:12; v Jer 23:5; Jer 33:15; Sag 3:8; Sag 6:12; Han 13:23; w 2Sa 7:16.

Jehovah rus,[a] die gees van wys-
heid[b] en van begrip,[c] die gees
van raad en van mag,[d] die gees
van kennis[e] en van die vrees
van Jehovah;[f] **3** en hy sal
vreugde vind in die vrees van
Jehovah.[g]

En hy sal nie oordeel net vol-
gens wat sy oë sien nie, en ook
nie teregwys net volgens wat sy
ore hoor nie.[h] **4** En met reg-
verdigheid sal hy die geringes
oordeel,[i] en met billikheid sal
hy teregwysing gee ten behoe-
we van die sagmoediges van die
aarde. En hy sal die aarde met
die roede van sy mond slaan;[j]
en met die gees van sy lippe sal
hy die goddelose doodmaak.[k]
**5** En regverdigheid sal die gor-
del van sy heupe wees,[l] en ge-
trouheid die gordel van sy len-
dene.[m]

**6** En die wolf sal 'n ruk by
die lam bly,[n] en die luiperd sal
by die boklam gaan lê, en die
kalf en die jong maanhaarleeu[o]
en die vetgevoerde dier almal
bymekaar;[p] en 'n blote seuntjie
sal hulle lei. **7** En die koei en
die berin sal wei; hulle klein-
tjies sal bymekaar lê. En selfs
die leeu sal strooi eet net soos
die bul.[q] **8** En die suigeling
sal beslis by die gat van die ko-
bra speel;[r] en op die liggat van
'n giftige slang sal 'n gespeende
kind sy hand sit. **9** Hulle sal
geen kwaad doen[s] of enige ver-
derf aanrig op my hele heilige
berg nie;[t] want die aarde sal be-
slis vol wees van die kennis van
Jehovah soos die waters die see
bedek.[u]

**10** En in dié dag[v] sal daar
die wortel van Isai wees,[w] wat
sal opstaan as 'n baken vir die
volke.[x] Selfs die nasies sal hul-
le tot hom wend en hom raad-
pleeg,[y] en sy rusplek sal glorie-
ryk word.[z]

**11** En in dié dag sal Jehovah
weer sy hand uitsteek, 'n twee-
de keer,[a] om die oorblyfsel van
sy volk te verkry wat sal oor-
bly uit Assi′rië[b] en uit Egipte[c]
en uit Patros[d] en uit Kus[e] en
uit Elam[f] en uit Si′near[g] en uit
Hamat en uit die eilande van
die see.[h] **12** En hy sal beslis
'n baken vir die nasies oprig en
die verstrooides van Israel ver-
samel;[i] en die verstrooides van
Juda sal hy uit die vier uithoeke
van die aarde bymekaarmaak.[j]

**13** En die jaloesie van
E′fraim sal wyk,[k] en selfs dié
wat vyandskap teenoor Juda
toon, sal uitgeroei word. E′fraim
sal nie jaloers wees op Juda
nie, en ook sal Juda nie vyand-
skap teenoor E′fraim toon nie.[l]
**14** En hulle sal op die skouer
van die Filistyne in die weste af-
vlieg;[m] saam sal hulle die kin-
ders van die Ooste plunder.[n] Na
Edom en Moab sal hulle hulle
hand uitsteek,[o] en die kinders
van Ammon sal hulle onderda-
ne wees.[p] **15** En Jehovah sal
beslis die tong van die Egiptie-
se see[q] afsny en in die gloed van
sy gees sy hand oor die Rivier[r]
swaai. En hy sal dit in sy sewe
strome tref, en hy sal mense
met hulle sandale aan laat loop.[s]
**16** En daar sal 'n grootpad[t] uit
Assi′rië wees vir die oorblyfsel[u]
van sy volk wat sal oorbly,[v] net
soos daar een was vir Israel die
dag toe hulle uit Egipteland op-
getrek het.

**12** En in dié dag[w] sal jy be-
slis sê: "Ek sal u dank,
o Jehovah, want hoewel u ver-
toornd op my geword het, het

---

**HFST. 11**

a Jes 42:1; Joh 1:32; Han 10:38
b Lu 2:52; 1Ko 1:30
c Joh 14:17; Joh 16:13
d Jes 9:6
e 1Ko 12:8; Ef 1:17
f Jud 9
g Spr 2:5; Spr 8:13; Heb 5:7
h 1Kn 3:28; Joh 7:24; Joh 8:16
i Ps 45:7; Spr 31:9
j Ps 2:9; Ps 110:2; Op 19:15
k 2Te 2:8; Op 2:16
l Ef 6:14; Op 1:13
m Heb 2:17; Heb 3:6; Op 3:14
n Jes 65:25
o Ps 148:10
p Ese 34:25
q Ho 2:18
r De 32:33; Ps 58:4
s Jes 2:4; Jes 35:9; Jes 60:18; Mi 4:4; Ef 4:23
t Jes 51:3; Jes 56:7; Jes 57:13; Jes 65:25; Ese 20:40
u Ps 22:27; Hab 2:14
v Jes 2:2
w Ps 132:11; Ro 15:12; Op 22:16
x Ge 49:10; Mt 25:31; Op 14:1
y Lu 2:32; Han 11:18; Han 28:28; Ro 15:9
z Jes 56:7; Hag 2:7; Flp 2:10; Op 7:15

**Tweede kol.**

a Le 26:42; De 4:31; Jes 11:16; Jer 23:8; Ese 11:17
b Jes 27:13; Mi 7:12
c Jes 19:23; Jer 44:28
d Jer 44:15
e Sef 3:10
f Da 8:2
g Sag 5:11
h Jes 66:19
i Esr 1:3; Jes 49:22; Jes 62:10

j Ps 147:2; Jes 66:20; Ob 20; Sag 2:7; Mt 24:31; k 2Kr 30:10; Jer 31:6; l Jer 3:18; Ese 37:16; Ese 37:19; Ho 1:11; m Sag 9:5; n Jes 9:12; o Jes 25:10; Am 9:12; Ob 18; p Jes 60:14; Jer 49:2; q Eks 10:19; Eks 14:22; Jes 50:2; r Ge 15:18; s Op 16:12; t Jes 19:23; Jes 40:3; Jes 57:14; Jes 62:10; u Esr 1:3; Jes 48:20; v Jes 27:13; Jes 35:8; Jes 49:12; Jer 31:21; **HFST. 12** w Jes 10:20; Jes 44:28; Jes 52:6.

u toorn geleidelik gewyk,[a] en u
het my vertroos.[b] **2** Kyk! God
is my redding.[c] Ek sal vertrou
en nie in angs verkeer nie;[d]
want Jah Jehovah is my sterk-
te[e] en my mag,[f] en hy het my
redding geword.”[g]

**3** Met verheuging sal julle
sekerlik water skep uit die fon-
teine van redding.[h] **4** En in
dié dag sal julle beslis sê: “DANK
Jehovah![i] Roep sy naam aan.[j]
Maak onder die volke sy hande-
linge bekend.[k] Meld dat sy naam
hoog verhewe is.[l] **5** Besing Je-
hovah met melodieë,[m] want wat
hy gedoen het, is weergaloos.[n]
Dit word op die hele aarde be-
kend gemaak.

**6** “Juig en jubel, o inwoon-
ster van Sion, want die Heilige
van Israel[o] is groot in jou mid-
de.”

**13** Die uitspraak teen Babi-
lon[p] wat Jesaja, die seun
van Amos,[q] in ’n visioen gesien
het: **2** “RIG ’n baken[r] op ’n
berg van kaal rotse op. Verhef
die stem tot hulle, wink met die
hand,[s] sodat hulle die ingange
van die edeles kan binnetrek.[t]
**3** Ek self het die bevel aan my
geheiligdes gegee.[u] Ook het ek
my sterkes geroep om aan my
toorn uiting te gee,[v] my beson-
der uitgelate manne. **4** Luis-
ter! ’n Menigte op die berge,
iets soos ’n talryke volk![w] Luis-
ter! Die rumoer van koninkry-
ke, van versamelde nasies![x] Je-
hovah van die leërs roep die
oorlogsleër op.[y] **5** Hulle kom
uit ’n ver land,[z] van die einde
van die hemel af, Jehovah en die
wapens van sy veroordeling, om
die hele aarde te verwoes.[a]

**6** “WEEKLAAG, want die dag
van Jehovah is naby![b] As ’n
plundering van die Almagtige
af sal dit kom.[c] **7** Daarom sal
al die hande slap word, en die
hele hart van die sterflike mens
sal smelt.[a] **8** En die mense het
ontsteld geraak.[b] Krampe en
geboortepyne gryp hulle aan;
hulle het geboortepyne soos ’n
vrou wat geboorte gee.[c] Hulle
kyk mekaar verbaas aan. Hulle
gesigte is vlammende gesigte.[d]

**9** “Kyk! Die dag van Jehovah
kom, wreed, met grimmigheid
sowel as met brandende toorn,
om die land ’n voorwerp van
verbasing te maak[e] en om die
land se sondaars daaruit te ver-
delg.[f] **10** Want die sterre van
die hemel en sy Kesil-sterre-
beelde[g] sal hulle lig nie uit-
straal nie; die son sal donker
word wanneer dit te voorskyn
kom, en die maan sal sy lig
nie laat skyn nie. **11** En ek
sal die vrugbare land[h] beslis
straf vir sy slegtheid, en die
goddeloses vir hulle oortre-
ding. En ek sal die trots van
die vermeteles laat ophou, en
die hoogmoed van die tiran-
ne sal ek verneder.[i] **12** Ek sal
die sterflike mens seldsamer
maak as gelouterde goud,[j] en
die mens skaarser as die goud
van Ofir.[k] **13** Daarom sal ek
die hemel in beroering bring,[l]
en die aarde sal bewe en uit sy
plek wyk weens die grimmig-
heid van Jehovah van die leërs[m]
en weens die dag van sy bran-
dende toorn.[n] **14** En soos ’n
gasel wat verjaag word en soos
’n kudde sonder iemand om hul-
le bymekaar te bring,[o] sal hulle
elkeen na sy eie volk draai; en
hulle sal elkeen na sy eie land
vlug.[p] **15** Elkeen wat gevind
word, sal deurboor word, en elk-
een wat in die opruiming ge-
vang word, sal deur die swaard
val;[q] **16** en hulle kinders sal

**HFST. 12**
a Ps 126:1; Jes 40:2
b De 30:3; Ps 30:5; Ps 85:1; Jes 66:13; Ho 6:1
c Ps 126:4; Jes 45:17; Jon 2:9; Op 7:10
d Jes 26:4
e Flp 4:13; 1Pe 4:11
f Ps 91:1; Ps 118:14
g Ho 1:7
h Ps 36:8; Jes 49:10; Jer 2:13; Sag 13:1; Op 7:17; Op 22:17
i Ps 30:4; Ps 118:1; Ps 138:2
j 1Kr 16:8; Ps 105:1; Ro 10:13
k Ps 9:11; Ps 40:5; Ps 105:2; Ps 145:4
l Eks 15:2
m Ps 47:6; Ps 149:3
n Ps 72:18; Ps 98:1
o Jes 10:20

**HFST. 13**
p Jes 14:4; Jer 25:12; Jer 50:1; Op 18:2
q Jes 1:1
r Jer 50:2; Jer 51:12; Jer 51:27
s Jes 10:32
t Jes 45:1
u Jer 51:28
v Ps 149:7; Jl 3:11
w Jer 51:11; Jer 51:27
x Jer 50:3; Jer 51:11; Da 5:28
y Jer 50:15; Jer 51:3
z Jer 50:9; Jer 51:28
a Jer 51:11; Jer 51:20
b Jl 3:14; Sef 1:14
c Jes 13:18; Jer 50:13

**Tweede kol.**
a Jer 50:43
b Da 5:6
c Jer 50:43
d Jl 2:6; Na 2:10
e Jer 50:42
f Spr 13:21

g Job 9:9; Job 38:31; Am 5:8; h Ps 137:8; Jes 24:6; Jer 51:37; Op 18:2; i Jer 50:29; Da 5:23; j Jer 50:30; Jer 51:3; k 1Kn 10:11; 1Kr 29:4; Ps 45:9; l Hag 2:6; Hag 2:21; m Jer 51:29; 2Pe 3:10; n Ps 110:5; Jes 13:6; o Jes 47:15; p Jer 50:16; q Jes 14:19; Jer 50:27; Jer 51:3.

voor hulle oë verpletter word.[a]
Hulle huise sal geplunder word,
en hulle vrouens sal verkrag
word.[b]
**17** "Kyk, ek wek die Mede
teen hulle op,[c] wat silwer as
niks ag nie en wat in goud geen
behae skep nie. **18** En hulle
boë sal selfs jong manne ver-
pletter.[d] En oor die vrug van
die moederskoot sal hulle hul-
le nie ontferm nie;[e] vir kin-
ders sal hulle oog nie jammer
voel nie. **19** En Babilon, die
sieraad van die koninkryke,[f]
die prag van die trots van die
Galdeërs,[g] sal word soos toe
God Sodom en Gomor′ra ver-
woes het.[h] **20** Dit sal nooit be-
woon word nie,[i] ook sal dit nie
van geslag tot geslag bly be-
staan nie.[j] En die Arabier sal
daar nie sy tent opslaan nie,
en geen herders sal hulle kud-
des daar laat lê nie. **21** En die
bewoners van waterlose streke
sal beslis daar gaan lê, en hulle
huise sal vol ooruile[k] wees. En
die volstruise sal daar bly, en de-
mone in bokgedaantes sal daar
rondhuppel.[l] **22** En jakkalse
sal in sy woontorings huil,[m] en
die groot slang sal in die palei-
se van verlustiging wees. En sy
tyd is naby om te kom, en sy dae
sal nie uitgestel word nie."[n]

**14** Want Jehovah sal barm-
hartigheid aan Jakob be-
wys,[o] en hy sal Israel beslis nog
verkies;[p] en hy sal hulle rus in
hulle land gee,[q] en die inwo-
nende vreemdeling sal by hul-
le gevoeg word, en hulle sal by
die huis van Jakob aansluit.[r]
**2** En volke sal hulle neem en
hulle na hulle eie plek bring, en
die huis van Israel sal hulle vir
hulle neem as 'n besitting in die
land van Jehovah, as dienskneg-
te en as diensmeisies;[s] en hul-
le sal die gevangenemers[t] word
van dié wat hulle gevange hou,
en hulle sal dié wat hulle gedryf
het om te werk,[a] in onderwor-
penheid hê.
**3** En op die dag wanneer Je-
hovah vir jou rus gee van jou
pyn en van jou ontsteltenis en
van die harde slawearbeid waar-
in jy 'n slaaf gemaak is,[b]
**4** moet jy hierdie spreekwoord
teen die koning van Babilon
aanhef en sê:
"Hoe het die een wat ander
dryf om te werk, opgehou, hoe
het die onderdrukking opge-
hou![c] **5** Jehovah het die stok
van die goddeloses verbreek,
die staf van die heersers,[d]
**6** die een wat volke slaan in
grimmigheid met slae sonder
ophou,[e] die een wat nasies on-
derwerp in louter toorn met
vervolging sonder bedwang.[f]
**7** Die hele aarde het tot rus ge-
kom,[g] het vry van rusversteu-
ring geword. Die mense het
vrolik geword met vreugdevol-
le uitroepe.[h] **8** Selfs die jene-
werbome[i] was ook bly oor jou,
die seders van die Li′banon, en
het gesê: 'Sedert jy gaan lê het,
kom geen houtkapper[j] teen ons
op nie.'
**9** "Selfs Sjeool[k] daaronder
het oor jou in beroering geraak
om jou by jou aankoms te ont-
moet. Oor jou het dit dié wak-
ker gemaak wat magteloos is in
die dood,[l] al die bokagtige lei-
ers[m] van die aarde. Dit het al
die konings van die nasies van
hulle trone af laat opstaan.[n]
**10** Hulle almal begin praat en
sê vir jou: 'Is ook jy swak ge-
maak soos ons?[o] Het jy soos
ons geword?[p] **11** In Sjeool is
jou trots neergewerp, die ge-
luid van jou snaarinstrumente.[q]

**HFST. 13**
a Ps 137:9
b Ps 137:8
c Jes 21:2, Jer 50:9, Jer 51:11, Da 5:31
d Jes 21:15, Jer 50:14, Jer 50:42
e 2Kn 8:12, Jes 13:16
f Jes 47:5, Jer 51:13, Da 4:30
g Jes 47:1
h Ge 19:24, De 29:23, Jer 49:18, Jer 50:40, Sef 2:9
i Jer 51:37
j Jes 14:22, Jer 50:3, Jer 50:13, Jer 51:29, Op 18:21
k Jes 34:11
l Le 17:7, 2Kr 11:15, Jes 34:14, Op 18:2
m Jes 34:13, Mi 1:8
n De 32:35, Pr 3:1, Jer 51:33, 2Pe 2:3

**HFST. 14**
o Le 26:42, De 4:31, Ps 98:3
p Sag 1:17, Ro 11:7
q De 30:3, Jes 66:20, Jer 24:6, Ese 36:24
r Esr 2:58, Ne 11:21, Est 8:17, Jes 56:6, Jes 60:3, Sag 8:22, Sag 8:23
s Esr 2:65, Jes 60:7, Jes 61:5, Sag 2:9
t Est 10:3, Da 5:29, Da 6:3

**Tweede kol.**
a Est 8:1, Est 9:3, Jes 60:14
b Esr 3:1, Esr 9:8, Jes 12:1, Jes 32:18, Jer 30:10, Ese 28:24
c Jer 50:23, Jer 51:36
d Ps 125:3
e 2Kr 36:17, Jes 33:1, Jer 25:12, Jer 50:17, Jak 2:13

f Hab 1:6; Sag 1:15; g Jes 49:13; Jer 27:11; h Ps 98:4; Ps 126:2; Spr 11:10; Jes 49:13; Jer 51:48; Op 18:20; i Jes 55:13; Jes 60:13; j Jer 46:23; k Pr 9:10; l Spr 2:18; Pr 3:20; Jes 26:14; Ese 32:21; m Mt 25:33; Op 20:12; n Ese 28:17; o Ps 137:8; p Ps 82:7; q Op 18:22.

Onder jou is maaiers as ’n slaap-
bank uitgesprei; en wurms is
jou bedekking.’[a]
**12** “Hoe het jy uit die he-
mel geval,[b] o glansende, o seun
van die dagbreek! Hoe is jy teen
die aarde neergevel,[c] jy wat die
nasies magteloos gemaak het![d]
**13** Jy het in jou hart gesê: ‘Na
die hemel sal ek opklim.[e] Bo die
sterre[f] van God sal ek my troon
verhef,[g] en ek sal op die berg
van samekoms gaan sit,[h] in die
mees afgeleë dele van die noor-
de.[i] **14** Ek sal bo die hoogtes
van die wolke opklim;[j] ek sal my
soos die Allerhoogste maak.’[k]
**15** “Maar in Sjeool sal jy
neergewerp word,[l] in die mees
afgeleë dele van die kuil.[m]
**16** Dié wat jou sien, sal jou aan-
staar; hulle sal jou goed bekyk
en sê: ‘Is dit die man wat die
aarde in beroering gebring het,
wat koninkryke laat bewe het,[n]
**17** wat die vrugbare land soos
die wildernis gemaak het en
wat die stede daarvan verwoes
het,[o] wat vir sy gevangenes
nie die weg huis toe geopen
het nie?’[p] **18** Al die ander ko-
nings van die nasies, ja, hulle al-
mal, het in heerlikheid gaan lê,
elkeen in sy huis.[q] **19** Maar
wat jou betref, jy is weggewerp
sonder ’n graf vir jou,[r] soos ’n
verfoeide spruit, beklee met dié
wat doodgemaak is, wat met die
swaard deurboor is, wat na die
klippe van ’n kuil afdaal,[s] soos
’n vertrapte karkas.[t] **20** Jy
sal nie met hulle in ’n graf ver-
enig word nie, want jy het jou
eie land verwoes, jy het jou
eie volk doodgemaak. Tot onbe-
paalde tyd sal die nageslag van
die kwaaddoeners nie genoem
word nie.[u]
**21** “MAAK ’n slagblok gereed
vir sy seuns weens die oortre-
ding van hulle voorvaders,[v] so-
dat hulle nie opstaan en die
aarde in besit neem en die op-
pervlak van die vrugbare land
met stede vul nie.”[a]
**22** “En ek sal teen hulle op-
staan”,[b] is die woord van Jeho-
vah van die leërs.
“En ek sal van Babilon naam[c]
en oorblyfsel en nakomeling en
nageslag[d] uitroei”, is die woord
van Jehovah.
**23** “En ek sal dit ’n besitting
van ystervarke en waterpoele
vol riete maak, en ek sal dit met
die besem van verdelging weg-
vee”,[e] is die woord van Jehovah
van die leërs.
**24** Jehovah van die leërs het
gesweer[f] en gesê: “Waarlik, net
soos ek gedink het, so moet dit
gebeur; en net soos ek besluit
het, so sal dit tot stand kom,[g]
**25** om die Assiriër in my land
te verbreek[h] en sodat ek hom
op my berge kan vertrap;[i] en so-
dat sy juk van hulle kan wyk en
sodat sy vrag van hulle skouer
kan wyk.”[j]
**26** Dit is die besluit wat teen
die hele aarde geneem is, en dit
is die hand wat teen al die na-
sies uitgesteek is. **27** Want Je-
hovah van die leërs het dit be-
sluit,[k] en wie kan dit verbreek?[l]
En sý hand is uitgesteek, en wie
kan dit afwend?[m]
**28** In die jaar dat koning
Agas gesterf het,[n] het hierdie
uitspraak gekom: **29** “Moenie
bly wees nie,[o] o Filiste′a,[p] enig-
iemand in jou, net omdat die
staf verbreek is van die een
wat jou geslaan het.[q] Want uit
die wortel van die slang[r] sal
’n giftige slang voortkom,[s] en
sy vrug sal ’n vlieënde vurige
slang[t] wees. **30** En die eersge-
borenes van die geringes sal be-
slis eet, en in veiligheid sal die
armes gaan lê.[u] En deur hon-

**HFST. 14**
a Job 17:14, Job 24:20
b Jes 34:4
c Ese 28:17
d 2Kr 36:17, Jer 51:7, Ese 29:19, Da 5:19
e Jes 47:7, Da 4:30
f Nu 24:17
g Da 2:38, Da 5:23
h Jes 2:2, Jes 24:23, Jl 3:17
i Ps 48:2
j 2Te 2:4
k Ese 28:2
l Lu 10:15, Lu 14:11
m Ese 28:8, Ese 32:23
n Jer 50:23, Jer 51:25
o 2Kn 25:21, Jes 64:10
p 2Kn 24:14, 2Kn 25:11, Jes 43:14
q Ese 32:18
r 2Kn 9:35, Jer 22:19
s Ese 32:23
t 2Kn 9:33
u Job 18:16, Ps 21:10, Ps 37:28, Ps 109:13, Ps 137:8
v Eks 20:5, Le 26:39

**Tweede kol.**
a Na 1:9
b Jes 43:14, Jer 50:25, Jer 51:56
c Ps 9:5, Ps 109:13, Spr 10:7
d Jer 51:62
e Jes 13:21, Jer 50:39, Jer 51:25, Jer 51:62, Op 18:2
f Jes 55:11, Heb 6:13
g Ps 33:9, Spr 19:21, Jes 46:10
h Jes 30:31, Jes 31:8, Jes 37:37, Ese 31:3, Ese 32:22
i 2Kn 19:35, 2Kr 32:21, Jes 37:36
j Jes 10:24, Na 1:13
k Spr 21:30, Jes 23:9, Jes 25:1
l Job 40:8, Ps 33:11, Spr 19:21, Jes 46:11
m 2Kr 20:6, Job 9:12, Jes 43:13
n 2Kn 16:20; 2Kr 28:27; o Ob 12; p Jos 13:3; q 2Kr 28:18; r 2Kr 26:6; s 2Kn 18:8; t Jes 30:6; u Jes 30:23; Jes 65:13.

gersnood sal ek jou wortel laat
sterf, en wat van jou oorbly, sal
doodgemaak word.[a] **31** Wee-
klaag, o poort! Roep uit, o stad!
Word mismoedig, o ganse Filis-
te′a! Want uit die noorde kom
rook, en daar is niemand wat
hom afsonder uit sy geledere
nie.”[b]

**32** En wat sal enigiemand die
boodskappers[c] van die nasie
antwoord? Dat Jehovah die fon-
dament van Sion gelê het,[d] en
daarin sal die geteisterdes van
sy volk toevlug soek.

**15** Die uitspraak teen Moab:[e]
Omdat dit in die nag ge-
plunder is, is Ar[f] van Moab tot
swye gebring. Omdat dit in die
nag geplunder is, is Kir[g] van
Moab tot swye gebring. **2** Hy
het opgegaan na Die Huis en na
Dibon,[h] na die hoogtes, om te
huil. Oor Nebo[i] en oor Mede′ba[j]
weeklaag Moab. Op al die koppe
daarin is kaalheid;[k] elke baard
is afgeknip. **3** Op sy strate het
hulle saklinne aangegord.[l] Op
sy dakke[m] en op sy openbare
pleine weeklaag almal, terwyl
hulle huilend afgaan.[n] **4** En
Hesbon en Elea′le[o] roep uit.
Tot by Jahas[p] is hulle stem ge-
hoor. Daarom hou die gewapen-
de manne van Moab aan om te
skreeu. Sy siel het in hom gesid-
der.

**5** My hart roep uit oor Moab.[q]
Sy voortvlugtiges is al by Soar[r]
en Eg′lat-Selisi′a.[s] Want die
opdraand van Luhit[t]—met ge-
huil klim almal dit uit; want
op die pad na Horona′im[u] hef
hulle die geskreeu oor die kata-
strofe aan. **6** Want die waters
van Nimrim[v] word woestenye.
Want die groen gras het ver-
droog, die gras het tot ’n einde
gekom; niks het groen geword
nie.[w] **7** Daarom hou hulle aan
om die oorblyfsels en hulle op-
gegaarde ware wat hulle byme-
kaargemaak het, weg te dra,
reg oor die stroomvallei van
die populiere. **8** Want die ge-
skreeu het in die gebied van
Moab rondgegaan.[a] Die gewee-
klaag daarvan is tot by Egla′im;
die geweeklaag daarvan is tot
by Beër-Elim, **9** want die wa-
ters van Dimon het vol bloed
geword. Want oor Dimon sal ek
nog meer dinge bring, soos ’n
leeu vir dié van Moab wat ont-
kom en vir die oorblywendes
van die land.[b]

**16** STUUR ’n ram na die heer-
ser van die land,[c] uit Sela
in die rigting van die wildernis,
na die berg van die dogter van
Sion.[d]

**2** En soos ’n vlugtende voël
wat uit sy nes verjaag is,[e] sal die
dogters van Moab by die driwwe
van die Arnon word.[f]

**3** “GEE raad, voltrek die be-
slissing.[g]

“Maak jou skaduwee net soos
die nag op die volle middag.[h]
Verberg die verstrooides;[i] moet
niemand verraai wat vlug nie.[j]
**4** Laat my verstrooides as
vreemdelinge in jou woon, o
Moab.[k] Word ’n skuilplek vir
hulle weens die plunderaar.[l]
Want die onderdrukker het aan
sy einde gekom; die plundering
het geëindig; dié wat ander ver-
trap, is van die aarde af uitge-
wis.[m]

**5** “En in liefderyke goedhar-
tigheid sal ’n troon beslis stewig
gevestig word;[n] en iemand sal in
waaragtigheid daarop sit in die
tent van Dawid,[o] terwyl hy reg-
spreek en geregtigheid soek en
gou is in regverdigheid.”[p]

**6** Ons het van die trots van
Moab gehoor, dat hy baie trots

**HFST. 14**
a Jer 47:1; Ese 25:16; Jl 3:4; Am 1:6; Sef 2:4; Sag 9:5
b Jer 1:14; Jer 25:9
c 2Kn 20:12
d Ps 48:1; Ps 87:1; Ps 102:16; Ps 132:13; Jes 28:16

**HFST. 15**
e Jer 9:25; Ese 25:11
f Nu 21:28; De 2:9
g 2Kn 3:25; Jer 48:31
h Jos 13:17; Jer 48:18
i Jer 48:1
j Nu 21:30; Jos 13:16
k De 14:1; Jes 3:24; Jer 48:37
l 2Sa 3:31; 2Kn 6:30; Jes 24:11; Mt 11:21
m Jer 19:13
n Jer 48:38
o Nu 32:37; Jes 16:9
p Rig 11:20
q Jer 48:31
r Ge 13:10; Ge 19:22
s Jer 48:34
t Jer 48:5
u Jer 48:3
v Jer 48:34
w Jes 16:9; Hab 3:17

**Tweede kol.**
a Jer 48:20
b Le 26:22; 2Kn 17:25; Jer 15:3; Am 5:19

**HFST. 16**
c Esr 7:17
d Jes 10:32; Mi 4:8
e Spr 27:8; Jes 13:14; Jer 48:19
f Nu 21:13
g Ps 82:3; Jes 1:17; Jer 21:12; Da 4:27; Sag 7:9
h De 28:29
i Jes 32:2
j Ob 14
k 1Sa 22:3
l Jer 48:8; Jer 48:42
m Jes 33:1

n Ps 45:6; Ps 89:14; Spr 20:28; o 2Sa 7:16; Jes 9:7; Jer 23:5; Da 7:14; p Ps 72:2; Jes 32:1.

is;[a] sy hoogmoed en sy trots en
sy grimmigheid[b]—sy leë praat-
jies sal nie so wees nie.[c]
**7** Daarom sal Moab oor Moab
weeklaag; ja, almal sal wee-
klaag.[d] Oor die rosynekoe-
ke van Kir-Hare′set[e] sal dié
wat verslae is, inderdaad kerm,
**8** want die terrasse van Hes-
bon[f] het verwelk. Die wingerd-
stok van Sibma[g]—die eienaars
van die nasies het sy helderrooi
takke neergewerp. Tot by Ja-
ser[h] het hulle gestrek; hulle het
in die wildernis rondgedwaal.
Dit is aan sy lote oorgelaat om
welig te groei; hulle het tot by
die see gegaan.

**9** Daarom sal ek met die ge-
huil van Jaser oor die wingerd-
stok van Sibma huil.[i] Met my
trane sal ek jou deurweek, o
Hesbon[j] en Elea′le,[k] want die
gejuig het selfs oor jou somer
en oor jou oes gekom.[l] **10** En
blydskap en vreugde is uit die
boord weggeneem; en in die
wingerde is daar geen vreugde-
geroep nie, word daar nie gejuig
nie.[m] Die trapper trap geen wyn
in die parskuip uit nie.[n] Die ge-
juig het ek laat ophou.[o]

**11** Daarom is my ingewande
onstuimig soos ’n harp, ja, oor
Moab,[p] en my binneste oor Kir-
Hare′set.[q]

**12** En daar is gesien dat
Moab op die hoogte vermoei is;[r]
en hy het na sy heiligdom ge-
kom om te bid,[s] en hy kon niks
uitrig nie.[t]

**13** Dit is die woord wat Jeho-
vah tevore oor Moab gespreek
het. **14** En nou het Jehovah
gespreek en gesê: “Binne drie
jaar, volgens die jare van ’n
loonarbeider,[u] sal die heerlik-
heid[v] van Moab ook veragtelik
gemaak word met groot beroe-
ring van elke soort, en die oor-
blywendes sal onbeduidend min
wees, nie magtig nie.”[w]

HFST. 16
a Jer 48:26; Jer 48:29; Sef 2:10
b Am 2:1
c Jer 48:7
d Jes 15:2; Jer 48:20
e 2Kn 3:25
f Jos 13:17
g Nu 32:38; Jos 13:19
h Nu 32:3; Jos 13:25; Jer 48:32
i Jer 48:32
j Jes 15:4
k Jer 48:34
l Rig 9:27
m Jes 24:8; Jer 25:30; Jer 48:33
n Hab 3:17
o Sef 2:9
p Jes 15:5; Jer 48:36
q Jes 15:1
r Nu 22:41; Nu 23:1; Jer 48:35
s 1Kn 11:7; 2Kn 3:27; Jer 48:7
t 2Kn 19:18; Ps 115:4; Jer 10:5; Jer 16:20; 1Ko 8:4
u Jes 21:16
v Jes 23:9; Jer 9:23; Jer 48:46
w Jes 25:10; Jer 48:47; Sef 2:9

Tweede kol.

HFST. 17
a 1Kr 18:5; Jer 49:23; Am 1:5
b 2Kn 16:9; Jes 8:4; Sag 9:1
c Nu 32:34; Jos 13:16; 2Kn 10:33; Jer 48:19
d Sef 2:7
e 2Kn 17:6; Jes 7:8; Ho 5:14; Ho 9:13
f 2Kn 16:9
g Jes 28:2; Ho 9:11
h Jes 9:9; Jes 10:4
i De 32:15; Jes 10:16
j De 23:25; Jer 9:22; Ho 6:11; Jl 3:13
k Jos 15:8; Jos 18:16; 2Sa 5:18

**17** Die uitspraak teen Da-
maskus:[a] “Kyk! Damas-
kus is weggeneem sodat dit nie
meer ’n stad is nie, en dit het
’n puinhoop, ’n verbrokkelende
puinhoop, geword.[b] **2** Die ste-
de van A′roër[c] wat agterge-
laat is, word plekke vir kud-
des, waar hulle gaan lê, sonder
dat iemand hulle laat bewe.[d]
**3** En die versterkte stad het
uit E′fraim verdwyn,[e] en die ko-
ninkryk uit Damaskus;[f] en die
oorblywendes van Sirië sal net
soos die heerlikheid van die
kinders van Israel word”, is
die woord van Jehovah van die
leërs.[g]

**4** “En in dié dag sal die heer-
likheid van Jakob gering word,[h]
en selfs die vetheid van sy vlees
sal maer word.[i] **5** En wanneer
die snyer die ongesnyde graan
insamel en sy arm die graan-
are oes,[j] sal hy word soos een
wat graanare in die Refa′im-
laagvlakte optel.[k] **6** En oes-
oorblyfsels sal daarin oorbly
soos wanneer die olyfboom af-
geslaan word: twee of drie ryp
olywe aan die punt van die tak;
vier of vyf aan die vrugdraende
takke daarvan”, is die woord
van Jehovah, die God van Is-
rael.[l]

**7** In dié dag sal die mens na
sy Maker opsien, en sy oë sal
stip op die Heilige van Israel ge-
rig wees.[m] **8** En hy sal nie na
die altare,[n] die werk van sy han-
de,[o] kyk nie; en na wat sy vin-
gers gemaak het, sal hy nie stip
kyk nie, nie na die heilige pale
of die reukwerkstaanders nie.[p]
**9** In dié dag sal sy vestingste-
de word soos ’n plek wat heelte-
mal verlate is in die bos, ja, die
tak wat hulle heeltemal verlaat

l De 4:27; De 24:20; Rig 8:2; Jes 24:13; Ro 9:27; m Jes 10:20; Jes 29:19; Mi 7:7; n 2Kr 31:1; 2Kr 34:7; Jer 17:2; Ese 36:25; Ho 8:11; Ho 14:8; Sag 13:2; o Jes 2:8; Ho 8:6; Mi 5:13; p 2Kr 34:4.

het weens die kinders van Is-
rael; en dit sal ’n verlate woeste-
ny word.[a] **10** Want jy het die
God van jou redding[b] vergeet;[c]
en aan die Rots[d] van jou ves-
ting het jy nie gedink nie. Daar-
om plant jy lieflike plantasies,
en met die loot van ’n vreemde-
ling beplant jy dit. **11** Al om-
hein jy jou plantasie sorgvuldig
in die dag, en al laat jy jou saad
in die oggend uitspruit, die oes
sal beslis vlug in die dag van die
siekte en ongeneeslike pyn.[e]

**12** Ha, die beroering van baie
volke, wat onstuimig is met
die onstuimigheid van die seë!
En die gedruis van volksgroe-
pe, wat ’n lawaai maak net soos
die gedruis van magtige wa-
ters![f] **13** Die volksgroepe[g] sal
’n lawaai maak net soos die ge-
druis van baie waters. En Hy
sal dit beslis bestraf,[h] en dit sal
ver weg vlug en gejaag word
soos die kaf van die berge voor
’n wind en soos ’n dwarrelwind
van dissels voor ’n stormwind.[i]
**14** In die aand, kyk! daar is skie-
like verskrikking. Voor die og-
gend—dit is nie meer nie.[j] Dit
is die deel van dié wat ons plun-
der, en die lot wat behoort aan
dié wat ons beroof.[k]

**18** Ha, die land van die gon-
sende insekte met vlerke,
wat in die streek van die riviere
van Etiopië lê![l] **2** Hy wat ge-
sante[m] oor die see en in vaar-
tuie van papirus oor die opper-
vlak van die waters uitstuur en
sê: “Gaan, o vinnige boodskap-
pers, na ’n nasie hoog van ge-
stalte en blinkgevryf, na ’n volk
wat oral vrees inboesem, ’n na-
sie van veerkrag en van ver-
trapping, wie se land deur die ri-
viere weggespoel is.”[n]

**3** Alle bewoners van die
vrugbare land[o] en bewoners
van die aarde, julle sal ’n gesig
sien soos wanneer daar ’n baken
op die berge opgerig word,[a] en
julle sal ’n geluid hoor soos wan-
neer daar op ’n horing geblaas
word.[b] **4** Want só het Jeho-
vah vir my gesê: “Ek sal rustig
bly en my vaste plek aanskou,[c]
soos die verblindende hitte wat
met die lig gepaardgaan,[d] soos
die douwolk in die hitte van
die oes.[e] **5** Want voor die oes,
wanneer die bloeisel tot volle
ontwikkeling kom en die blom
’n rypwordende druif word, sal
die lote met snoeimesse afge-
sny en die hegranke verwyder,
afgekap, word.[f] **6** Hulle sal al-
mal saam aan die roofvoëls van
die berge en aan die diere van
die aarde oorgelaat word.[g] En
die roofvoëls sal beslis die so-
mer daarop deurbring, en al die
diere van die aarde sal die oes-
tyd daarop deurbring.[h]

**7** “In dié tyd sal ’n geskenk
aan Jehovah van die leërs ge-
bring word,[i] van ’n volk hoog
van gestalte en blinkgevryf,[j] ja,
van ’n volk wat oral vrees in-
boesem, ’n nasie van veerkrag
en van vertrapping, wie se land
deur die riviere weggespoel is,
na die plek van die naam van
Jehovah van die leërs, die berg
Sion.”[k]

**19** Die uitspraak teen Egip-
te:[l] Kyk! Jehovah ry op ’n
vinnige wolk[m] en kom na Egip-
te. En die waardelose gode van
Egipte sal beslis vir hom sid-
der,[n] en die hart van Egipte sal
in sy binneste smelt.[o]

**2** “En ek sal Egiptenaars
teen Egiptenaars aanhits, en
hulle sal beslis elkeen teen sy
broer veg, en elkeen teen sy met-
gesel, stad teen stad, konink-
ryk teen koninkryk.[p] **3** En die
gees van Egipte sal verbysterd

**HFST. 17**
**a** Jes 6:11, Ho 10:14, Am 3:11, Mi 5:11, Mi 7:13
**b** 1Kr 16:35, Ps 65:5, Ps 79:9, Hab 3:18, Op 7:10
**c** De 6:12, Ps 50:22, Jes 1:3, Jer 2:32, Ho 8:14
**d** De 32:4, 2Sa 22:32, Ps 18:2, Jes 26:4
**e** De 28:30, Jer 12:13, Ho 8:7, Sef 1:13
**f** Ps 29:3, Ps 65:7, Op 16:3, Op 17:1
**g** Ps 2:1, Ps 67:4, Jes 13:4
**h** Ps 9:5, Jes 33:3
**i** Ps 35:5, Ps 83:13, Jes 29:5, Da 2:35, Ho 13:3
**j** 2Kn 19:35, Ps 37:36
**k** Spr 22:23, Jes 33:1, Ese 39:10, Sef 2:9

**HFST. 18**
**l** Jes 20:3, Ese 30:4, Sef 3:10
**m** Jes 30:4, Ese 30:9
**n** 2Kr 12:3, 2Kr 14:9, 2Kr 16:8
**o** Ps 33:8, Ps 96:13, Spr 8:31, Jes 26:18, Klg 4:12

**Tweede kol.**
**a** Jes 5:26, Jes 13:2
**b** Jl 2:1, Am 3:6, Sag 9:14
**c** Ps 132:13, Ho 5:15
**d** 2Sa 23:4
**e** Spr 25:13
**f** Jes 5:7, Jes 17:11, Lu 8:14
**g** Jes 14:19, Ese 29:5
**h** Jes 34:3, Jer 15:3, Ese 32:4, Op 19:17
**i** 2Kr 32:23, Jes 2:2, Mal 1:11

**j** Jes 60:4; Sag 14:16; **k** Jes 8:18; Jes 24:23; Jl 3:17; Mi 4:13; **HFST. 19** **l** Jer 25:19; Ese 29:2; Jl 3:19; **m** De 33:26; Ps 68:33; **n** Eks 12:12; Jer 43:12; Jer 46:25; Ese 30:13; **o** Ps 76:12; **p** Mt 12:25.

raak in sy binneste,[a] en ek sal
sy planne verwar.[b] En hulle
sal hulle sekerlik wend tot die
waardelose gode[c] en tot die be-
sweerders en tot die geesteme-
diums en tot die beroepsvoor-
spellers van gebeure.[d] 4 En
ek sal Egipte in die hand van ’n
harde heer oorlewer, en sterk
sal die koning wees wat oor hul-
le sal heers”,[e] is die woord van
die ware Heer, Jehovah van die
leërs.

5 En die water sal beslis uit
die see wegdroog, en die ri-
vier sal opdroog en droogloop.[f]
6 En die riviere sal stink; die
Nylkanale van Egipte sal vlak
word en opdroog.[g] Die riet[h] en
die biesie sal vergaan. 7 Die
kaal plekke by die Nylrivier, by
die mond van die Nylrivier, en
elke saailand van die Nylrivier
sal verdroog.[i] Dit sal beslis ver-
waai word, en dit sal nie meer
wees nie. 8 En die vissers sal
moet treur, en almal wat vis-
hoeke in die Nylrivier uitgooi,
sal aan smart uiting gee, en
selfs dié wat visnette oor die op-
pervlak van die waters uitsprei,
sal wegkwyn.[j] 9 En die be-
werkers van uitgekamde vlas[k]
sal beskaamd staan; ook die we-
wers van wit stowwe. 10 En
sy wewers[l] sal verbrysel word,
al die loonarbeiders, bedroef
van siel.

11 Die vorste van Soan[m] is
inderdaad dwaas. Wat die wy-
ses van Farao se raadgewers be-
tref, hulle raad is iets onrede-
liks.[n] Hoe sal julle vir Farao sê:
“Ek is die seun van wyse man-
ne, die seun van konings uit die
ou tyd”? 12 Waar is hulle dan
—jou wyse manne[o]—sodat hul-
le jou nou kan vertel en so-
dat hulle kan weet wat Jehovah
van die leërs oor Egipte besluit
het?[p] 13 Die vorste van Soan
het dwaas opgetree,[q] die vors-
te van Nof[a] is bedrieg, die ver-
naamstes[b] van sy stamme het
Egipte op ’n dwaalweg gebring.
14 Jehovah het daarin die gees
van verwarring gemeng;[c] en
hulle het Egipte op ’n dwaal-
weg gebring in al sy werk, net
soos ’n dronk mens daartoe ge-
bring word om in sy uitbraaksel
rond te dwaal.[d] 15 En Egipte
sal geen werk hê wat die kop of
die stert, die loot of die biesie,
kan doen nie.[e]

16 In dié dag sal Egipte soos
vroue word, en dit sal beslis
bewe[f] en in angs verkeer weens
die geswaai van die hand van Je-
hovah van die leërs wat hy daar-
teen swaai.[g] 17 En die land
van Juda sal vir Egipte ’n rede
tot waggeling word.[h] Elkeen
aan wie dit gemeld word, ver-
keer in angs weens die besluit
van Jehovah van die leërs wat
hy teen hom neem.[i]

18 In dié dag sal daar vyf ste-
de in Egipteland wees[j] wat die
taal van Kanaän[k] praat en wat
by Jehovah van die leërs sweer.[l]
Een daarvan sal genoem word:
Die Stad van Afbreking.

19 In dié dag sal daar ’n al-
taar vir Jehovah in Egipte-
land wees,[m] en ’n pilaar vir Je-
hovah by sy grens. 20 En dit
sal ’n teken en ’n getuie vir
Jehovah van die leërs wees in
Egipteland;[n] want hulle sal tot
Jehovah roep weens die onder-
drukkers,[o] en hy sal vir hulle
’n redder stuur, ja, ’n grootse
redder, wat hulle sal verlos.[p]
21 En Jehovah sal beslis bekend
word aan die Egiptenaars;[q] en
die Egiptenaars sal Jehovah in
dié dag ken, en hulle sal offe-
rande en gawe[r] bring en sal
aan Jehovah ’n gelofte doen en
dit betaal.[s] 22 En Jehovah sal

**HFST. 19**
a De 7:20; Jos 2:11
b Spr 19:21; Spr 21:30; Jes 19:11; 1Ko 3:20
c Jer 16:20; 1Ko 8:4
d Jes 8:19; Jes 44:25; Han 16:16; Op 18:23
e Jer 46:2; Jer 46:26; Ese 29:19
f Ese 30:12; Sag 10:11
g 2Kn 19:24; Jes 37:25
h Eks 2:3; Job 40:21
i De 11:10; Ese 29:10
j Nu 11:5
k Eks 9:31; Spr 7:16
l Eks 35:35
m Nu 13:22; Ps 78:12; Jes 30:4; Ese 30:14
n Jes 44:25; 1Ko 3:19
o Ge 41:8; 1Kn 4:30; Pr 7:23; Han 7:22
p Job 11:7; Ro 11:33
q Ro 1:22

**Tweede kol.**
a Jer 46:14; Ese 30:13; Ho 9:6
b Rig 20:2; 1Sa 14:38
c Job 12:20; Job 12:24; Jes 19:3; 2Te 2:11
d Ps 107:27; Spr 20:1; Jes 28:7; Jer 48:26
e Jes 9:15
f Ps 48:6; Jer 30:6
g Jes 10:32; Jes 11:15; Sag 2:9
h Jer 25:26; Jer 43:11; Ese 29:6
i Jes 14:24; Jes 20:3; Da 4:35
j Jer 43:7; Jer 44:1; Ese 30:14
k 2Kn 18:28
l De 10:20; Jer 4:2; Jer 12:16
m Jer 43:7; Joh 17:15; Op 11:8
n Jer 32:20
o Ps 50:15
p Lu 2:11

q Ps 83:18; Ps 98:2; Hab 2:14; r Sef 3:10; Mal 1:11; s Pr 5:4.

Egipte beslis ’n slag toedien.[a] Daar sal ’n slag toegedien word en ’n genesing wees;[b] en hulle sal tot Jehovah terugkeer,[c] en hy sal hulle dringende versoek aanhoor en hulle genees.[d]

**23** In dié dag sal daar ’n grootpad[e] wees van Egipte na Assi′rië, en Assi′rië sal in Egipte kom en Egipte in Assi′rië; en hulle sal beslis diens verrig, Egipte saam met Assi′rië. **24** In dié dag sal Israel die derde wees saam met Egipte en Assi′rië,[f] naamlik ’n seën op die aarde,[g] **25** want Jehovah van die leërs sal dit seën[h] deur te sê: “Mag my volk, Egipte, en die werk van my hande, Assi′rië,[i] en my erfdeel, Israel,[j] geseënd wees.”

**20** In die jaar toe Tartan[k] na Asdod[l] gekom het, toe Sargon, die koning van Assi′rië, hom gestuur het[m] en hy teen Asdod oorlog gevoer en dit ingeneem het;[n] **2** in dié tyd het Jehovah deur die hand van Jesaja, die seun van Amos,[o] gespreek en gesê: “Gaan,[p] en jy moet die saklinne van jou heupe losmaak;[q] en jou sandale moet jy van jou voete aftrek.”[r] En hy het so gedoen en naak en kaalvoet rondgeloop.[s]

**3** En Jehovah het verder gesê: “Net soos my kneg Jesaja drie jaar lank naak en kaalvoet rondgeloop het as ’n teken[t] en ’n voorteken teen Egipte[u] en teen Etiopië,[v] **4** so sal die koning van Assi′rië die groep gevangenes van Egipte[w] en die ballinge van Etiopië wegvoer, seuns en ou manne, naak en kaalvoet en met ontblote sitvlak, die naaktheid van Egipte.[x] **5** En hulle sal beslis verskrik en beskaamd wees weens Etiopië, hulle verwagte hoop,[y] en weens Egipte, hulle prag.[z]

HFST. 19
a Jes 19:1; Jer 46:13
b De 32:39; Jes 57:18; Jer 33:6; Ho 6:1
c Jes 19:18; Jer 44:1
d 1Kn 8:43; Jer 50:19; Sag 8:22
e Jes 11:16; Jes 35:8; Jes 40:3
f De 32:43; Ps 117:1; Sag 2:11
g Ge 12:3; Ese 34:26; Sag 8:13; Ga 3:14
h Ps 67:6; Ps 115:12; Jes 61:9; Jes 65:8
i Ho 2:23; Ro 3:29
j De 32:9; Am 3:2; Mal 3:17; 1Pe 2:9

HFST. 20
k 2Kn 18:17
l Jos 11:22; Jos 13:3
m 2Kr 32:9
n Am 1:8
o Jes 1:1
p Jer 13:1; Jer 19:1
q Jon 3:8; Op 11:3
r 2Sa 15:30
s 1Sa 19:24; Mi 1:8; Heb 11:37
t Jes 8:18
u Jes 19:1
v Jes 18:1
w Jes 19:4; Jer 46:26; Ese 30:19
x Jer 13:22; Mi 1:11
y Ps 146:3
z 2Kn 18:21; Jes 30:3; Jes 36:6; Jer 17:5; Ese 29:6

Tweede kol.
a Jes 30:2; Jes 31:1

HFST. 21
b Jes 13:1; Jes 13:20; Jer 51:42
c Sag 9:14
d Jes 13:4; Jes 13:18
e Jes 13:9; Op 18:2
f Jes 33:1; Jer 51:48; Jer 51:53

**6** En die inwoner van hierdie kusland sal beslis in dié dag sê: ‘Kyk, so gaan dit met ons verwagte hoop, waarheen ons gevlug het om hulp, om verlos te word weens die koning van Assi′rië![a] En hoe sal ons dan ontkom?’ ”

**21** Die uitspraak teen die wildernis van die see:[b] Soos stormwinde[c] in die suide voortbeweeg, kom dit uit die wildernis, uit ’n vreesinboesemende land.[d] **2** ’n Harde visioen[e] is my meegedeel: Die verraaier handel verraderlik, en die plunderaar plunder.[f] Trek op, o Elam! Beleër, o Medië![g] Alle gesug as gevolg van hom het ek laat ophou.[h] **3** Daarom het my heupe vol hewige pyne geword.[i] Krampe het my aangegryp, soos die krampe van ’n vrou wat geboorte gee.[j] Ek het ontsteld geraak, sodat ek nie hoor nie; ek het verontrus geraak, sodat ek nie sien nie. **4** My hart het rondgedwaal; ’n siddering het my verskrik. Die skemering waarvoor ek lief was, het iets geword wat my laat bewe.[k]

**5** Laat die tafel gedek word, die sitplekke in posisie geplaas word, laat daar geëet, gedrink word![l] Staan op, o vorste,[m] salf die skild.[n] **6** Want só het Jehovah vir my gesê:

“Gaan, sit ’n wag uit, sodat hy kan sê presies wat hy sien.”[o]

**7** En hy het ’n strydwa met ’n span perde gesien, ’n strydwa met esels, ’n strydwa met kamele. En hy het noulettend aandag geskenk, met groot opmerksaamheid. **8** En hy het soos ’n leeu uitgeroep:[p] “Op die

---

**g** Jer 51:11; Jer 51:28; Da 5:28; Da 8:20; **h** Ps 137:1; Jes 14:7; Jes 35:10; Jer 31:12; **i** Hab 3:16; **j** Jer 50:43; 1Te 5:3; **k** De 28:67; **l** Jes 22:13; Da 5:1; **m** Jer 50:35; Jer 51:57; **n** 2Sa 1:21; **o** 2Kn 9:17; Jes 62:6; Jer 51:12; Ese 3:17; Ese 33:3; Hab 2:1; Mt 24:45; **p** Jes 5:29.

wagtoring, o Jehovah, staan ek
voortdurend in die dag, en op
my wagpos staan ek al die nag-
te.[a] **9** En kyk nou, daar kom
'n strydwa met manne, met 'n
span perde!"[b]

En hy het begin spreek en ge-
sê: "Dit het geval! Babilon het
geval,[c] en al die gesnede beel-
de van sy gode het Hy teen die
grond verbrysel!"[d]

**10** O my gedorstes en die
seun van my dorsvloer,[e] wat ek
by Jehovah van die leërs, die
God van Israel, gehoor het, het
ek vir julle vertel.

**11** Die uitspraak teen Duma:
Iemand roep na my van Seïr[f]
af: "Wag, wat van die nag? Wag,
wat van die nag?"[g] **12** Die wag
het gesê: "Die oggend sal kom,
en ook die nag. As julle wil vra,
vra. Kom weer!"

**13** Die uitspraak teen die
woestynvlakte: In die woud in
die woestynvlakte sal julle oor-
nag, o karavane van die Deda-
niete.[h] **14** BRING water om die
dorstige te ontmoet. O inwo-
ners van die land Tema,[i] gaan
die vlugteling met brood vir
hom tegemoet. **15** Want vir
die swaarde het hulle wegge-
vlug, vir die ontblote swaard, en
vir die gespande boog en vir die
hewigheid van die oorlog.

**16** Want só het Jehovah vir
my gesê: "Binne 'n jaar, volgens
die jare van 'n loonarbeider,[j] sal
al die heerlikheid van Kedar[k]
tot 'n einde kom. **17** En dié
wat oorbly van die aantal boog-
skutters, die sterk manne van
die kinders van Kedar, sal min
word,[l] want Jehovah, die God
van Israel, het dit gespreek."[m]

**22** Die uitspraak oor die val-
lei van die visioen:[n] Wat
is dit dan met jou dat jy, al-
mal in jou, op die dakke geklim
het?[o] **2** Jy was vol rumoer,
'n onstuimige stad, 'n uitgela-
te stad.[a] Dié in jou wat omge-
bring is, is nie dié wat met die
swaard omgebring is nie, ook
nie dié wat in die oorlog ge-
sterf het nie.[b] **3** Al jou dikta-
tors[c] het tegelyk gevlug.[d] Son-
der dat 'n boog nodig was, is
hulle gevange geneem. Almal in
jou wat gevind is, is saam ge-
vange geneem.[e] Hulle het ver
weggevlug.

**4** Daarom het ek gesê:
"Wend julle blik van my af. Ek
sal bitterlik huil.[f] Julle moe-
nie daarop aandring om my
te vertroos oor die plundering
van die dogter van my volk nie.[g]
**5** Want dit is die dag van ver-
warring[h] en van vertrapping[i] en
van verbystering[j] wat die Soe-
wereine Heer, Jehovah van die
leërs, in die vallei van die visi-
oen het. Daar is die verwoester
van die muur,[k] en die geskreeu
na die berg.[l] **6** En Elam[m] het
die pylkoker opgeneem, in die
strydwa van die mens, met per-
de; en Kir[n] het die skild ont-
bloot. **7** En die beste van jou
laagvlaktes sal vol strydwaens
word, en die perde sal hulle-
self vir seker by die poort op-
stel, **8** en die skerm van Juda
sal weggeneem word. En jy sal
in dié dag na die wapenkamer[o]
van die huis van die woud[p] kyk,
**9** en julle sal beslis die gate in
die muur van die Stad van Da-
wid sien, want hulle sal baie
wees.[q] En julle sal die waters
van die onderste dam opvang.[r]
**10** En julle sal die huise van Je-
rusalem tel. Julle sal ook die
huise afbreek om die muur[s]
ontoeganklik te maak. **11** En
julle sal 'n opvangdam tussen
die twee mure vir die waters
van die ou dam[t] maak. En julle

**HFST. 21**

a Hab 2:1
b Jer 50:3, Jer 50:9, Jer 51:27
c Jes 13:19, Jes 14:4, Jes 45:1, Jer 50:3, Jer 51:8, Da 5:28, Op 14:8, Op 18:2
d Jer 50:2, Jer 51:44, Jer 51:52
e 1Kn 8:46, 2Kn 13:7, Jes 1:25, Mt 3:12, Heb 12:6
f Ge 32:3, De 2:8, Ps 137:7
g Op 16:15
h Ese 27:15
i Job 6:19, Jer 25:23
j Job 7:1, Jes 16:14
k Ge 25:13, Ps 120:5, Hgl 1:5, Jes 42:11, Ese 27:21
l Jer 49:28
m Nu 23:19, Jes 46:10, Jes 55:11

**HFST. 22**

n Jes 1:1, Jes 13:1, Jes 22:5, Jer 6:6
o Jes 15:3, Jer 48:38

**Tweede kol.**

a Jes 32:13, Am 6:6
b Jes 3:1, Jer 14:18, Jer 38:2, Klg 4:9
c Jes 1:10
d 2Kn 25:4, Jer 39:4, Jer 52:7
e Jer 52:24
f Jes 33:7, Jer 4:19, Jer 6:26, Jer 9:1, Mi 1:8
g Jer 8:18, Jer 31:15
h Jer 30:5, Am 5:18
i Jes 5:5, Jes 10:6
j Mi 7:4
k 2Kn 25:10, Ne 1:3, Klg 2:2
l Ho 10:8, Lu 23:30, Op 6:16
m Ge 10:22, Jes 21:2
n 2Kn 16:9, Am 1:5

o Ne 3:19; p 1Kn 7:2; q 2Kn 25:10; Jer 52:7; r 2Kn 20:20; 2Kr 32:30; Ne 3:15; Joh 9:7; s Ne 1:3; t 2Kn 18:17; Jes 7:3; Jes 36:2.

sal beslis nie na die Grootse Ma-
ker daarvan kyk nie, en die een
wat dit lank gelede tot stand ge-
bring het, sal julle beslis nie sien
nie.
**12** “En die Soewereine[a] Heer,
Jehovah van die leërs, sal in
dié dag gehuil en getreur[b] en
kaalhoofdigheid en omgording
met saklinne[c] vereis. **13** Maar
kyk! daar is verheuging en blyd-
skap, beeste word doodgemaak
en skape word geslag, vleis
word geëet en wyn word ge-
drink:[d] ‘Laat daar geëet en ge-
drink word, want môre sal ons
sterf.’ ”[e]
**14** En Jehovah van die leërs
het hom in my ore geopenbaar:[f]
“ ‘Hierdie oortreding sal nie vir
julle versoen word[g] totdat julle
sterf[h] nie’, het die Soewereine
Heer, Jehovah van die leërs, ge-
sê.”
**15** Só het die Soewereine
Heer, Jehovah van die leërs, ge-
sê: “Kom, gaan in by hierdie be-
stuurder, by Sebna,[i] wat oor die
huis is:[j] **16** ‘Wat is hier van be-
lang vir jou, en wie is hier
van belang vir jou, dat jy hier
vir jou ’n graf uitgekap het?’[k]
Op ’n hoogte kap hy sy graf
uit; in ’n krans hol hy vir hom
’n woonplek uit. **17** ‘Kyk! Je-
hovah slinger jou neer met ’n
geweldige slingering, o man, en
gryp jou met geweld. **18** Hy
sal jou vir seker styf toerol,
soos ’n bal vir ’n wye land. Daar
sal jy sterf, en daar sal die
strydwaens van jou heerlikheid
die skandvlek van die huis van
jou heer wees. **19** En ek sal
jou uit jou posisie wegstoot; en
uit jou amptelike pos sal jy weg-
geruk word.[l]
**20** “ ‘En in dié dag sal ek my
kneg[m] roep, naamlik El′jakim,[n]
die seun van Hilki′a.[o] **21** En
ek sal vir hom jou kleed aan-
trek, en jou lyfband sal ek hom
stewig ombind,[a] en jou heer-
skappy sal ek in sy hand gee;
en hy sal vir die inwoner van
Jerusalem en vir die huis van
Juda ’n vader word.[b] **22** En ek
sal die sleutel[c] van die huis van
Dawid op sy skouer lê, en hy
sal oopmaak sonder dat iemand
sluit, en hy sal sluit sonder dat
iemand oopmaak.[d] **23** En ek
sal hom inslaan soos ’n pen[e] in
’n vaste plek, en hy sal ’n troon
van heerlikheid vir die huis van
sy vader word.[f] **24** En hulle
sal al die heerlikheid van die
huis van sy vader aan hom
hang, die nakomelinge en die
lote, al die klein houers, die
bakvormige houers sowel as die
groot kruikhouers.
**25** “ ‘In dié dag’, is die woord
van Jehovah van die leërs, ‘sal
die pen[g] wat in ’n vaste plek in-
geslaan is, verwyder word,[h] en
dit sal afgekap word en val,
en die vrag wat daaraan hang,
sal afgesny word, want Jehovah
het dit gespreek.’ ”[i]

**23** Die uitspraak oor Tirus:[j]
Weeklaag, o skepe van
Tarsis![k] want dit is geplunder,
sodat dit nie meer ’n hawe is nie,
nie meer ’n plek is om in te gaan
nie.[l] Uit die land Kittim[m] is dit
aan hulle geopenbaar. **2** Bly
stil, o inwoners van die kusland.
Die koopmanne van Sidon,[n] dié
wat oor die see vaar—hulle het
jou gevul. **3** En op baie waters
was die saad van Sihor,[o] die oes
van die Nyl, sy inkomste; en dit
het die wins van die nasies ge-
word.[p]
**4** Staan beskaamd, o Sidon;[q]
want die see, o vesting van die
see, het gesê: “Ek het nie ge-
boortepyne gehad nie, en ek het
nie geboorte gegee nie, en ook
het ek nie jong manne grootge-
maak, maagde opgevoed nie.”[r]

**HFST. 22**
- a Han 4:24
- b Ne 8:9, Jes 15:3, Jl 2:17
- c Job 1:20, Am 8:10, Mi 1:16
- d Jes 5:12, Jes 56:12, Am 6:4, Lu 17:27
- e Jes 21:5, 1Ko 15:32, Jak 5:5
- f Jes 5:9, Am 3:7
- g Jes 1:11, Jer 15:1, Ese 24:13, Heb 10:26
- h Le 26:31
- i 2Kn 18:37, 2Kn 19:2, Jes 36:3, Jes 37:2
- j 2Kn 10:5
- k Jes 14:18, Mt 27:60
- l Job 40:11, Ps 75:7, Lu 1:52
- m Mt 24:45, 1Ko 4:2
- n 2Kn 18:18, 2Kn 18:37, Jes 36:3
- o 2Kn 18:26

**Tweede kol.**
- a Ge 41:42, 1Sa 18:4, Est 8:15
- b Ge 45:8
- c 1Kr 9:27, Op 3:7
- d Mt 18:18
- e Esr 9:8
- f Ge 45:9, 1Sa 2:8, Lu 22:30, Op 3:21
- g Jes 22:15
- h Jes 22:17
- i Jes 46:11, Jer 4:28

**HFST. 23**
- j Jer 25:22, Jer 47:4, Ese 26:3, Ese 27:2, Jl 3:4, Am 1:9, Sag 9:4
- k 2Kr 9:21, Ps 48:7, Jes 2:16, Ese 27:25
- l Ese 27:3
- m Ge 10:4, Jer 2:10, Ese 27:6, Da 11:30
- n Ese 27:8
- o Jer 2:18
- p Ese 27:33, Ese 28:4, Jl 3:5
- q Ge 10:15, Ese 27:8

r Jer 47:4.

**5** Net soos by die berig oor
Egipte,[a] sal mense eweneens in-
eenkrimp van pyn by die berig
oor Tirus.[b] **6** Vaar oor na Tar-
sis; weeklaag, o inwoners van
die kusland. **7** Is dit julle stad
wat uitgelate was sedert die dae
van lank gelede, sedert sy vroeë
tye? Sy voete het hom ver weg-
gebring om as 'n vreemdeling te
woon.

**8** Wie het hierdie besluit[c]
teen Tirus geneem, die uitde-
ler van krone, wie se koopman-
ne vorste was, wie se hande-
laars die geëerdes van die aarde
was?[d]

**9** Jehovah van die leërs het
hierdie besluit geneem,[e] om die
trots van alle skoonheid te ont-
heilig,[f] om al die geëerdes van
die aarde met veragting te be-
handel.[g]

**10** Stroom oor jou land soos
die Nylrivier, o dogter van Tar-
sis.[h] Daar is geen skeepswerf
meer nie.[i] **11** Sy hand het hy
oor die see uitgesteek; hy het
koninkryke in beroering ge-
bring.[j] Jehovah het teen Feni'-
sië bevel gegee, dat sy vestings
verwoes moet word.[k] **12** En
hy sê: "Jy sal nooit weer jubel
nie,[l] o onderdrukte, die maag-
delike dogter van Sidon.[m] Staan
op, vaar oor na Kittim.[n] Selfs
daar sal dit nie vir jou rustig
wees nie."

**13** Kyk! Die land van die Gal-
deërs.[o] Dit is die volk—dit was
nie Assi'rië[p] nie—hulle het dit
vir die woestynbewoners[q] ge-
grondves. Hulle het hulle beleë-
ringstorings opgerig;[r] hulle het
sy woontorings blootgelê;[s] dit is
'n verbrokkelende puinhoop ge-
maak.[t]

**14** Weeklaag, o skepe van
Tarsis, want julle vesting is ge-
plunder.[u]

**15** En in dié dag sal Tirus
vergeet word, sewentig jaar
lank,[a] soos die dae van een ko-
ning. Aan die einde van sewen-
tig jaar sal dit met Tirus gaan
soos in die lied van 'n prosti-
tuut: **16** "Neem 'n harp, gaan
rond in die stad, o vergete pros-
tituut.[b] Speel so goed as wat
jy kan op die snaarinstrumen-
te; maak jou liedere baie, sodat
daar aan jou gedink kan word."

**17** En aan die einde van se-
wentig jaar sal Jehovah sy aan-
dag op Tirus rig, en sy sal te-
rugkeer na haar hoereloon[c] en
prostitusie pleeg met al die ko-
ninkryke van die aarde op die
aardbodem.[d] **18** En haar wins
en haar hoereloon[e] sal iets hei-
ligs vir Jehovah word. Dit sal
nie weggelê of opgespaar word
nie, want haar hoereloon sal
wees vir dié wat voor Jehovah
woon,[f] om tot versadiging toe te
eet en vir elegante klere.[g]

**24** Kyk! Jehovah maak die
land leeg en verwoes dit,[h]
en hy het die oppervlak daar-
van omgekeer[i] en sy inwoners
verstrooi.[j] **2** En dit sal dieself-
de vir die volk wees as vir die
priester; dieselfde vir die kneg
as vir sy heer; dieselfde vir die
diensmeisie as vir haar meeste-
res; dieselfde vir die koper as
vir die verkoper; dieselfde vir
die uitlener as vir die lener; die-
selfde vir die een wat die rente
vra as vir die een wat die ren-
te betaal.[k] **3** Die land sal vir
seker leeggemaak word, en dit
sal vir seker geplunder word,[l]
want Jehovah het hierdie woord
gespreek.[m] **4** Die land het be-
gin treur,[n] het weggekwyn. Die
vrugbare land het verwelk, het
weggekwyn. Die hooggeplaas-
tes van die volk van die land
het verwelk.[o] **5** En die land
is onder sy inwoners besoedel,[p]

HFST. 23
a Jes 19:1; Jes 19:16
b Ese 26:15; Ese 27:35; Ese 28:19
c De 29:24; Ps 94:2
d Ese 28:2
e Jes 14:24; Jes 46:10
f Da 4:37; Jak 4:6
g Job 12:21; Ps 107:40
h Jes 23:1
i Ese 26:14; Ese 26:17
j Ps 46:6; Ese 27:34
k Ese 26:5; Ese 26:15
l Ese 26:13
m Ge 10:15
n Ese 27:6; Da 11:30
o Ge 11:31; Jes 13:19; Jes 47:1; Hab 1:6
p 2Kn 17:24; Jes 10:12; Jes 30:31; Na 3:18; Sef 2:13
q Jes 13:21
r Ese 26:8
s Ese 26:9
t Ese 26:12
u Jes 23:1

Tweede kol.
a Jer 25:11; Jer 27:3; Jer 27:6
b Spr 7:10; Jer 30:14
c Mi 1:7
d Na 3:4
e De 23:18
f Job 27:17; Pr 2:26
g Jes 60:5; Jes 61:6

HFST. 24
h De 28:63; Jes 1:7; Jes 5:5; Jer 4:6; Ese 6:6
i 2Kn 21:13
j De 28:64; Ne 1:8; Jer 9:16
k Jes 3:2; Jes 9:14; Ese 7:12; Ho 4:9
l Le 26:31; De 29:28
m Jes 46:10
n Jes 3:26; Jes 33:9; Jer 4:28; Klg 1:4; Ho 4:3
o Jes 2:11

p Le 18:24; Nu 35:33; 2Kr 33:9; Jer 3:1; Jer 23:11; Klg 4:13.

want hulle het die wette ver-
ontagsaam,[a] die voorskrif ver-
ander,[b] die verbond wat tot on-
bepaalde tyd duur, verbreek.[c]
**6** Daarom het die vloek die
land verteer,[d] en sy inwoners
word skuldig geag. Daarom het
die inwoners van die land in ge-
tal afgeneem, en baie min sterf-
like mense het oorgebly.[e]

**7** Die nuwe wyn het begin
treur, die wingerdstok het ver-
welk,[f] almal wat bly van hart
was, het begin sug.[g] **8** Die
vreugde van die tamboeryne is
weg, die geraas van dié wat be-
sonder uitgelate is, het opge-
hou, die vreugde van die harp is
weg.[h] **9** Sonder 'n lied drink
hulle wyn; die sterk drank
word bitter vir dié wat dit
drink. **10** Die verlate stad is
verbreek;[i] elke huis is toege-
sluit, sodat niemand daar kan
ingaan nie. **11** Daar is 'n ge-
skreeu in die strate weens 'n
gebrek aan wyn. Alle blydskap
het verdwyn; die vreugde van
die land het gewyk.[j] **12** In die
stad is 'n ontsettende toestand
agtergelaat; die poort is tot 'n
blote puinhoop verbrysel.[k]

**13** Want só sal dit word in
die land, onder die volke, soos
wanneer die olyfboom afge-
slaan word,[l] soos wanneer die
oesoorblyfsels ingesamel word
as die druiweoes tot 'n einde
gekom het.[m] **14** Hulle sal hul-
le stem verhef, hulle sal met
vreugde uitroep. In die verhe-
wenheid van Jehovah sal hul-
le beslis van die see af juig.[n]
**15** Daarom sal hulle Jehovah in
die streek van die lig[o] verheer-
lik,[p] op die eilande van die see
die naam van Jehovah,[q] die God
van Israel. **16** Van die einde
van die land af het ons melodieë
gehoor:[r] "Sieraad vir die Reg-
verdige!"[s]

Maar ek sê: "Vir my is daar
maerheid,[a] vir my is daar maer-
heid! Wee my! Die verraaiers
het verraderlik gehandel.[b] Ja,
met verraad het die verraaiers
verraderlik gehandel."[c]

**17** Angs en die kuil en die
valstrik is oor jou, o inwoner
van die land.[d] **18** En elkeen
wat vlug vir die geluid van die
verskrikking, sal in die kuil val,
en elkeen wat uit die binne-
kant van die kuil opklim, sal
in die valstrik gevang word.[e]
Want die sluise daarbo sal ge-
open word,[f] en die fondamente
van die land sal bewe.[g] **19** Die
land het geheel en al uitme-
kaargebars, die land is geheel
en al geskud, die land is ge-
heel en al tot wankeling ge-
bring.[h] **20** Die land waggel ge-
heel en al soos 'n dronk man,
en dit het heen en weer geswaai
soos 'n uitkykhut.[i] En sy oortre-
ding het swaar geword op hom,[j]
en hy sal val, sodat hy nie weer
sal opstaan nie.[k]

**21** En in dié dag sal Jehovah
sy aandag rig op die leër van
die hoogte in die hoogte, en op
die konings van die aarde op die
aarde.[l] **22** En hulle sal beslis
versamel word soos wanneer
gevangenes in die kuil versamel
word[m] en sal in die kerker op-
gesluit word;[n] en ná 'n oorvloed
van dae sal daar aan hulle aan-
dag geskenk word.[o] **23** En die
volmaan het verleë geword, en
die gloeiende son het beskaamd
geword,[p] want Jehovah van die
leërs het koning geword[q] op
die berg Sion[r] en in Jerusalem
en voor sy bejaarde manne met
heerlikheid.[s]

**HFST. 24**

a 2Kn 17:7, 2Kn 22:13, Ese 20:13, Da 9:5
b Mi 3:11
c Eks 19:5, Eks 24:7, Jer 31:32, Jer 34:18
d Le 26:16, De 28:15, Jos 23:15
e Le 26:22, De 4:27, De 28:62, Jes 10:22
f Jer 8:13, Jl 1:10
g Jes 16:10, Jes 32:12, Am 5:17
h Ps 81:2, Jer 7:34, Jer 16:9, Ho 2:11
i 2Kn 25:10
j Jes 8:22, Klg 5:15
k Jes 32:14, Jer 9:11, Klg 1:4, Klg 2:9, Mi 1:9
l De 24:20, Jes 17:6
m Jes 1:9, Jes 17:5, Jer 6:9, Ese 6:8, Mi 7:1
n Jes 12:1, Jes 40:9, Jer 31:12, Jer 33:11, Sag 2:10
o Eks 27:13, Ps 97:11, Jes 30:26, Jes 43:5, Jes 49:6, Mi 7:9
p Sag 13:9, Mal 1:11
q Jes 11:11, Jes 60:9, Sef 2:11
r Ps 22:27, Ps 98:3, Mr 13:27
s Eks 15:11, Esr 9:15, Ps 145:7, Op 15:3, Op 19:2

**Tweede kol.**

a Jes 10:16, Jes 17:4
b Jes 21:2, Jes 33:1, Klg 1:2
c Jer 9:2, Ho 10:13
d Le 26:22, Jer 8:3, Ese 14:21, Am 5:19
e De 32:23, 1Kn 20:30
f Ge 7:11, Spr 27:4

**g** De 32:22; Ps 18:7; Ps 18:15; **h** Jer 4:24; Na 1:5; Hab 3:6; **i** Ps 107:27; Jes 19:14; Jes 29:9; **j** 2Kn 21:16; 2Kr 36:16; Jer 14:20; Ho 4:2; **k** Am 8:14; **l** Ps 76:12; Hag 2:22; **m** Ge 41:14; **n** Jes 42:7; **o** Sag 9:11; **p** Op 21:23; **q** Ps 97:1; Op 11:17; **r** Ps 132:13; Jes 8:18; Jes 18:7; Jl 3:17; Heb 12:22; **s** 1Kn 8:11; Ps 46:5; Jes 12:6; Mi 4:7; Sag 2:10.

**25** O Jehovah, u is my God.[a]
Ek verhef u,[b] ek prys u
naam,[c] want u het wonderli-
ke dinge gedoen,[d] besluite[e] uit
die vroeë tye, in getrouheid,[f]
in betroubaarheid.[g] **2** Want
u het 'n stad 'n hoop klip-
pe gemaak, 'n versterkte stad
'n verbrokkelende puinhoop, 'n
woontoring van vreemdelinge,
dat dit geen stad meer is nie,
wat selfs tot onbepaalde tyd nie
herbou sal word nie.[h] **3** Daar-
om sal 'n sterk volk u ver-
heerlik; die stad van die tiran-
nieke nasies, hulle sal u vrees.[i]
**4** Want u het 'n vesting vir die
geringe geword, 'n vesting vir
die arme in sy benoudheid,[j] 'n
toevlug teen die reënstorm, 'n
skaduwee[k] teen die hitte, wan-
neer die geblaas van die tiran-
ne soos 'n reënstorm teen 'n
muur is. **5** Soos die hitte in
'n waterlose land word die ge-
raas van vreemdelinge deur u
gedemp, soos die hitte deur die
skaduwee van 'n wolk.[l] Die me-
lodie van die tiranne word on-
derdruk.[m]

**6** En Jehovah van die leërs
sal op hierdie berg[n] beslis vir
al die volke[o] 'n feesmaal van
olieryke geregte berei,[p] 'n fees-
maal van beleë wyn, van olie-
ryke geregte vol murg,[q] van ge-
suiwerde,[r] beleë wyn.[s] **7** En
op hierdie berg sal hy beslis
die omhulling verswelg wat al
die volke omhul,[t] en die weefsel
wat oor al die nasies geweef is.
**8** Hy sal die dood vir ewig ver-
swelg,[u] en die Soewereine Heer
Jehovah sal beslis die trane
van alle gesigte afvee.[v] En die
smaad van sy volk sal hy van die
hele aarde af wegneem,[w] want
Jehovah het dit gespreek.

**9** En in dié dag sal daar be-
slis gesê word: "Kyk! Dit is ons
God.[x] Ons het op hom gehoop,[y]

**HFST. 25**
**a** De 32:3; 1Kr 29:10; Ps 25:12; Jes 61:10
**b** Ps 7:17; Ps 99:5; Ps 145:1; Heb 13:15
**c** Ps 30:4; Ps 150:6; Op 15:4
**d** Ps 40:5; Ps 98:1; Ps 107:8; Ps 145:4
**e** Ps 33:11; Jes 28:29; Heb 6:17
**f** De 32:4; Ne 9:33; Ps 89:5
**g** Ge 24:27; Nu 23:19
**h** De 13:16; Jes 6:11
**i** Ps 46:10; Ps 66:3; Ps 83:16; Ese 38:23
**j** Ps 46:1; Ps 121:7; Na 1:7; Sef 3:12
**k** Ps 91:1; Ps 121:5; Ps 121:6; Op 7:16
**l** Job 7:2; Jes 49:10
**m** Ps 58:10; Jes 24:8; Op 18:22
**n** Ps 72:3; Jes 11:9; Jes 65:25; Da 2:35
**o** Jes 49:10; Da 7:14; Mt 8:11
**p** Ps 72:16; Ps 85:11; Ps 85:12; Ps 104:15; Jer 31:12
**q** Job 21:24
**r** Jer 48:11; Lu 5:39
**s** Pr 10:19; Jes 55:1
**t** Jes 60:2; Lu 2:32; Han 17:30; 2Ko 3:13; 2Ko 4:4; Ef 5:8
**u** Ho 13:14; 1Ko 15:54; 2Ti 1:10; Heb 2:15; Op 20:14
**v** Jes 35:10; Op 7:17; Op 21:4
**w** Ps 69:9; Ps 89:51
**x** De 32:3; Jes 25:1; Op 19:1
**y** Ps 27:14; Ps 37:34; Ps 146:5

en hy sal ons red.[a] Dit is Jeho-
vah.[b] Ons het op hom gehoop.
Laat ons bly wees en ons verbly
in die redding deur hom."[c]

**10** Want die hand van Jeho-
vah sal op hierdie berg rus,[d]
en Moab sal op sy plek vertrap
word[e] soos wanneer 'n hoop
strooi op 'n mishoop[f] vertrap
word. **11** En Hy sal sy hande
daarin uitstrek soos wanneer 'n
swemmer hulle uitstrek om
te swem, en Hy sal sy hoog-
moed verneder[g] met die behen-
dige bewegings van sy hande.
**12** En die versterkte stad, met
jou hoë, veilige mure, sal hy
neerwerp; hy sal dit verneder,
dit in aanraking bring met die
grond, tot in die stof.[h]

**26** In dié dag[i] sal hierdie
lied[j] in die land van Juda[k]
gesing word: "Ons het 'n sterk
stad.[l] Hy gee redding as mure
en skanse.[m] **2** MAAK OOP die
poorte,[n] sodat die regverdige
nasie wat getroue gedrag hand-
haaf, kan ingaan.[o] **3** U sal die
neiging wat goed ondersteun
word, in voortdurende vrede
bewaar,[p] want 'n mens word
beweeg om op ú te vertrou.[q]
**4** VERTROU op Jehovah[r] vir al-
tyd, want in Jah Jehovah is die
Rots[s] van onbepaalde tye.

**5** "Want hy het die bewoners
van die hoogte,[t] die verhewe
stad,[u] neergewerp. Hy verne-
der dit, hy verneder dit tot die
grond toe; hy bring dit in aanra-
king met die stof.[v] **6** Die voet

**Tweede kol.** **a** Ge 49:18; Spr 20:22; Lu 2:30; **b** Eks 6:2; Ps 97:5; Sef 3:12; **c** Ps 20:5; Ps 21:1; Ps 62:1; Ps 95:1; Mi 7:7; Sef 3:14; **d** Ps 132:13; Jes 12:6; **e** Ps 110:6; Jes 15:1; Sef 2:9; **f** Ps 83:10; Lu 13:8; **g** Jer 48:29; Da 4:37; Jak 4:6; **h** Jes 26:5; **HFST. 26** **i** Jes 4:2; Jes 26:19; Joh 11:24; **j** Eks 15:1; 2Sa 22:1; Ps 146:2; Ps 150:5; Jes 12:5; **k** Jer 33:10; Jer 33:11; **l** Ps 48:2; Ps 48:12; Ps 127:1; **m** Jes 60:18; Sag 2:5; **n** Ps 118:19; Ps 118:20; Jes 60:11; Jes 62:10; Mt 7:14; Op 22:14; **o** Eks 19:6; De 4:8; Mal 3:17; Han 2:47; 1Pe 2:9; **p** Ps 119:165; Jes 54:13; Joh 14:27; Ro 15:33; Flp 4:7; 2Pe 1:2; **q** Ps 9:10; Jer 17:7; **r** 2Kr 20:20; Ps 62:8; Spr 3:5; **s** De 32:4; De 32:31; 1Sa 2:2; **t** Job 40:11; Jes 2:11; **u** Jes 15:1; Jes 25:10; **v** Jes 25:12; Jer 48:9.

sal dit vertrap, die voete van die
geteisterde, die voetstappe van
die geringes.”[a]
7 Die pad van die regverdi-
ge is regskapenheid.[b] Omdat u
reg is, sal u die weg van ’n reg-
verdige gelykmaak.[c] 8 Ja, ons
het op u gehoop, o Jehovah, vir
die weg van u oordele.[d] Na u
naam en na u gedagtenis[e] het
die begeerte van die siel uitge-
gaan.[f] 9 Met my siel het ek u
in die nag begeer;[g] ja, met my
gees in my binneste bly ek u
soek;[h] want wanneer daar oor-
dele van u af kom vir die aarde,[i]
sal die bewoners van die vrug-
bare land beslis regverdigheid[j]
leer.[k] 10 Al sou daar aan die
goddelose guns betoon word, sal
hy eenvoudig nie regverdigheid
leer nie.[l] In die land van reg sal
hy onreg pleeg,[m] en hy sal die
uitnemendheid van Jehovah nie
sien nie.[n]
11 O Jehovah, u hand het
hoog geword,[o] maar hulle sien
dit nie.[p] Hulle sal dit sien en
beskaamd staan[q] oor die ywer
vir u volk. Ja, die vuur[r] vir u
teenstanders sal hulle verteer.
12 O Jehovah, u sal vir ons vre-
de beskik,[s] want selfs al ons
werke het u vir ons verrig.[t]
13 O Jehovah ons God, ander
here buiten u het as ons eie-
naars opgetree.[u] Deur u alleen
sal ons van u naam melding
maak.[v] 14 Hulle is dood; hulle
sal nie lewe nie.[w] Hulle is mag-
teloos in die dood;[x] hulle sal nie
opstaan nie.[y] Daarom het u u
aandag op hulle gerig om hul-
le te verdelg en alle vermelding
van hulle te laat verdwyn.[z]
15 U het by die nasie byge-
voeg; o Jehovah, u het by die na-
sie bygevoeg;[a] u het uself ver-
heerlik.[b] U het al die grense van
die land ver uitgebrei.[c] 16 O
Jehovah, in benoudheid het hul-
le hulle aandag op u gerig;[d]

**HFST. 26**
- a Sef 3:12; Mal 4:3
- b 1Kr 29:17; Job 1:1; Ps 18:24; Spr 20:7
- c Ps 5:8
- d Ps 119:7; Ef 5:17
- e Eks 3:15; Ps 135:13; Ho 12:5
- f Mi 7:7
- g Ps 63:6; Ps 119:62; Lu 6:12
- h Ps 63:1; Ps 77:6
- i Ps 9:8; Ps 58:11
- j Ps 96:13; Ps 97:2
- k Ps 85:11; Jes 61:11
- l Eks 8:15; Ps 106:43; Spr 1:32
- m Ps 78:57; Jer 2:7
- n Ps 28:5; Jes 5:12; Ho 11:7
- o Ps 10:12; Mi 5:9
- p Jes 6:9
- q Ps 86:17; 1Pe 3:16; Op 3:9
- r Heb 10:27
- s Ps 29:11; Jes 57:19; Jer 33:6; Joh 14:27
- t Han 5:38; Han 5:39
- u 2Kr 12:8
- v Jos 23:7; 2Ti 2:19
- w Ps 22:15
- x Spr 2:18; Pr 9:5; Pr 9:10; Jes 38:18
- y Job 14:14; Pr 9:6; Jer 51:39; Mt 25:46
- z Ps 9:5; Ps 109:13; Spr 10:7
- a Ge 12:2; De 10:22; Jes 9:3; Jes 51:2
- b Ps 72:18; Jes 60:21
- c 1Kn 4:21
- d Rig 10:10; Ps 77:2; Ps 78:34; Ho 5:15

**Tweede kol.**
- a Rig 3:8; Heb 12:5; Heb 12:6
- b Jes 13:8; Jer 4:31; Jer 6:24
- c 2Kn 19:3
- d Jos 7:9
- e Jes 37:3

hulle het ’n fluistergebed uit-
gestort toe hulle deur u ge-
dissiplineer is.[a] 17 Net soos ’n
swanger vrou die tyd nader om
geboorte te gee en geboortepy-
ne het en in haar geboortepyne
uitroep, so het ons weens u ge-
word, o Jehovah.[b] 18 Ons het
swanger geword, ons het ge-
boortepyne gehad;[c] ons het as ’t
ware aan wind geboorte gegee.
Ons bewerk geen ware redding
met betrekking tot die land
nie,[d] en geen bewoners vir die
vrugbare land word voortge-
bring soos by ’n geboorte nie.[e]
19 “U dooies sal lewe.[f] My
lyke—hulle sal opstaan.[g] Word
wakker en roep met vreugde
uit, julle wat in die stof woon![h]
Want u dou[i] is soos die dou
van kiesieblare,[j] en die aarde sal
selfs dié wat magteloos is in die
dood, voortbring soos by ’n ge-
boorte.[k]
20 “Kom, my volk, gaan in
jou binnekamers in en sluit jou
deure agter jou toe.[l] Verberg
jou vir net ’n oomblik, totdat
die veroordeling verbygaan.[m]
21 Want kyk! Jehovah kom uit
sy plek te voorskyn om van die
inwoner van die land rekenskap
te eis vir sy oortreding,[n] en die
land sal beslis sy bloedvergie-
ting openbaar[o] en sal nie langer
sy doodgemaaktes bedek nie.”[p]

**27** In dié dag sal Jehovah[q]
met sy harde en groot
en sterk swaard[r] sy aandag op
die Levia′tan[s] rig, die seilende
slang,[t] ja, op die Levia′tan, die
kronkelende slang, en hy sal be-
slis die seemonster[u] doodmaak
wat in die see is.

f Ho 13:14; Joh 5:29; Han 24:15; 1Ko 15:22; Op 20:12; g Jes 25:8; Mr 12:26; Joh 11:24; Joh 11:25; 1Ko 15:21; 1Te 4:14; h Ge 3:19; Da 12:2; i Ese 37:2; j 2Kn 4:39; k Op 20:13; l Ge 7:16; Eks 12:22; Ps 32:7; Ps 91:4; Spr 18:10; m Ps 27:5; Ps 57:1; Ps 91:4; n Ps 37:20; Ho 5:14; Mi 1:3; Mt 24:21; 2Te 1:8; 2Pe 3:7; o Ge 4:10; Ps 9:12; Ese 24:7; Lu 11:50; Op 16:6; Op 18:24; p Mal 4:1; **HFST. 27** q Eks 15:3; r De 32:41; Jer 47:6; s Job 41:1; t Job 26:13; u Ge 1:21; Ps 74:13; Jes 51:9; Ese 29:3; Ese 32:2.

**2** SING in dié dag vir die
vrou:[a] “ ’n Wingerd[b] van skui-
mende wyn! **3** Ek, Jehovah,
bewaar dit.[c] Ek sal dit elke oom-
blik natmaak.[d] Ek sal dit nag
en dag bewaar, sodat niemand
sy aandag daarteen rig nie.[e]
**4** Geen woede het ek nie.[f] Wie
sal vir my doringbosse[g] en on-
kruid in die geveg gee? Ek sal
daarop trap. Ek sal dit saam aan
die brand steek.[h] **5** Laat hy
andersins my vesting aangryp,
laat hy met my vrede maak; laat
hy met my vrede maak.”[i]

**6** In die komende dae sal
Jakob wortelskiet, Israel[j] sal
bloeisels voortbring en uit-
spruit; en hulle sal die opper-
vlak van die vrugbare land
heeltemal met opbrengs vul.[k]

**7** Moet hy geslaan word met
die slag van iemand wat hom
slaan? Of moet hy doodgemaak
word met die slagting van
sy doodgemaaktes?[l] **8** Met ’n
skrikwekkende kreet sal u
daarmee twis wanneer u dit
wegstuur. Hy sal dit uitdryf
met sy sterk wind op die dag
van die oostewind.[m] **9** Hier-
deur sal die oortreding van Ja-
kob dus versoen word,[n] en dit
is die volle vrug wanneer hy sy
sonde wegneem,[o] wanneer hy al
die altaarklippe soos vergruisde
krytklippe maak, sodat die hei-
lige pale[p] en die reukwerk-
staanders nie sal verrys nie.[q]
**10** Want die versterkte stad sal
eensaam wees, die weiveld sal
aan homself oorgelaat en verla-
te soos ’n wildernis wees.[r] Daar
sal die kalf wei, en daar sal
dit gaan lê; en hy sal sy takke
verteer.[s] **11** Wanneer sy tak-
kies verdroog het, sal vroue wat
daar kom, hulle afbreek en aan
die brand steek.[t] Want dit is nie
’n volk wat vlug van begrip is
nie.[u] Daarom sal sy Maker aan
hom geen barmhartigheid be-
wys nie, en sy Formeerder sal
aan hom geen guns betoon nie.[a]

**12** En in dié dag sal Jeho-
vah die vrugte afslaan,[b] van die
vloeiende stroom van die Ri-
vier[c] af tot by die stroomval-
lei van Egipte,[d] en so sal julle
die een na die ander ingesa-
mel word,[e] o kinders van Israel.
**13** En in dié dag sal daar op ’n
groot horing geblaas word,[f] en
dié wat in die land Assi′rië[g] ver-
gaan en dié wat in Egipteland[h]
verstrooi is, sal beslis kom en
hulle neerbuig[i] voor Jehovah op
die heilige berg in Jerusalem.[j]

**28** Wee die uitnemende
kroon van die dronk-
aards van E′fraim,[k] en die ver-
welkende bloeisel van sy prag-
tige sieraad wat op die hoof
is van die vrugbare vallei van
dié wat deur wyn oorweldig is!
**2** Kyk! Jehovah het iemand wat
sterk en kragtig is.[l] Soos ’n
donderende haelstorm,[m] ’n ver-
nietigende storm, soos ’n don-
derende storm van magtige,
oorstromende waters,[n] sal hy
hulle beslis met krag teen die
grond werp. **3** Met die voete
sal die uitnemende krone van
die dronkaards van E′fraim ver-
trap[o] word. **4** En die verwel-
kende blom[p] van sy pragtige sie-
raad wat op die hoof is van die
vrugbare vallei, sal word soos
die vroeë vy[q] voor die somer,
wat iemand, wanneer hy dit
sien, insluk terwyl dit nog in sy
palm is.

**5** In dié dag sal Jehovah van
die leërs ’n sierlike kroon[r] en
’n pragtige krans[s] vir die oor-
blywendes[t] van sy volk word,
**6** en ’n gees van geregtigheid

HFST. 27
a Jes 5:1
b Ps 80:8; Jer 2:21; Mt 21:33
c De 33:29; 1Sa 2:9
d Jes 35:6; Jes 41:18; Jes 58:11
e Ps 121:4; Jes 46:4
f Ps 85:3; Ps 103:9; Jes 12:1
g Lu 6:44
h 2Sa 23:6; Jes 10:17; Heb 6:8
i Jes 57:19; Ese 34:25; Ho 2:18; Ro 5:1; 2Ko 5:19
j Ese 39:25
k Ps 92:13; Jes 37:31; Jes 60:22; Jer 30:19; Ho 14:5
l Jes 10:20; Jer 50:33
m Jer 4:11; Ese 13:13
n Jes 4:4; Jes 48:10; Ese 24:13
o Ro 11:26
p Jes 17:8; Mi 5:13
q 2Kr 34:4
r Jes 6:11; Jes 17:9; Jer 26:18; Klg 2:5; Ese 36:4
s Jes 7:25; Jes 17:2; Jes 32:14
t Ps 80:16; Jes 6:13; Ese 15:6; Mt 3:10; Joh 15:6
u De 32:28; Jes 1:3; Jer 4:22; Ho 4:6

Tweede kol.
a 2Kr 36:16; Ese 9:10; 2Te 1:8
b Jes 11:11; Jes 24:13
c Jos 24:2
d Nu 34:5; 1Kn 8:65
e De 30:3; Ne 1:9; Jer 3:14; Am 9:14; Lu 15:4
f Jes 11:12; Jes 49:22; Jes 62:10
g 2Kn 17:6; Jes 11:16; Ho 9:3
h Jer 43:7; Ho 8:13; Sag 10:10
i Ps 95:6; Sag 14:16

j Ps 122:4; Jes 2:3; Jes 25:6; Jes 52:1; Jer 3:17; HFST. 28 k Jes 7:2; Ho 7:11; l Jes 7:17; Jes 7:20; m Job 38:22; Jes 28:17; Ese 13:11; n Jes 29:6; Na 1:8; o Jes 25:10; Klg 1:15; p Jak 1:10; q Jer 24:2; Na 3:12; Op 6:13; r Jes 24:15; Jes 24:23; Jes 62:3; s Jes 35:2; t Jes 11:16; Ro 11:5.

vir die een wat regspreek,[a] en
sterkte vir dié wat die geveg
van die poort afwend.[b]
**7** En ook hulle—weens wyn
het hulle afgedwaal en weens
sterk drank het hulle rond-
gedwaal. Priester en profeet[c]
—hulle het afgedwaal weens
sterk drank, hulle het verward
geraak as gevolg van die wyn,
hulle het rondgedwaal[d] as ge-
volg van die sterk drank; hulle
het afgedwaal in wat hulle sien,
hulle het gewaggel wat die be-
slissing betref. **8** Want al die
tafels het vol vieslike uitbraak-
sel geword[e]—daar is geen plek
daarsonder nie.
**9** Vir wie sal ’n mens in ken-
nis onderrig,[f] en vir wie sal
’n mens laat verstaan wat ge-
hoor is?[g] Dié wat van die melk
gespeen is, wat van die bors-
te weggeneem is?[h] **10** Want
dit is “gebod op gebod, gebod
op gebod, meetsnoer op meet-
snoer, meetsnoer op meetsnoer,
hier ’n bietjie, daar ’n bietjie”.[i]
**11** Want deur dié wat met hul-
le lippe hakkel[j] en deur ’n an-
der taal[k] sal hy met hierdie volk
praat,[l] **12** met hulle vir wie hy
gesê het: “Dit is die rusplek.
GEE rus aan die vermoeide. En
dit is die plek van verkwik-
king”, maar wat nie wou hoor
nie.[m] **13** En vir hulle sal die
woord van Jehovah beslis word
“gebod op gebod, gebod op ge-
bod, meetsnoer op meetsnoer,
meetsnoer op meetsnoer,[n] hier
’n bietjie, daar ’n bietjie”, sodat
hulle sal gaan en beslis agteruit
struikel en verbreek en verstrik
en gevang word.[o]
**14** Daarom, hoor die woord
van Jehovah, julle grootpraters,
heersers[p] van hierdie volk wat
in Jerusalem is: **15** Omdat jul-
le gesê het: “Ons het ’n ver-
bond met die Dood gesluit,[q] en
met Sjeool het ons ’n visioen
tot stand gebring;[a] as die oor-
stromende stortvloed deurtrek,
sal dit ons nie bereik nie, want
ons het ’n leuen ons toevlug ge-
maak,[b] en in bedrog het ons ons
verberg”;[c] **16** daarom, só het
die Soewereine Heer Jehovah
gesê: “Kyk, ek lê as fondament
in Sion[d] ’n steen,[e] ’n beproef-
de steen,[f] die kosbare hoek[g]
van ’n vaste fondament.[h] Nie-
mand wat geloof beoefen, sal pa-
niekerig raak nie.[i] **17** En ek
sal geregtigheid die meetsnoer
maak[j] en regverdigheid[k] die wa-
terpas; en die hael[l] sal die leu-
entoevlug wegvee,[m] en die wa-
ters sal die skuilplek wegspoel.[n]
**18** En julle verbond met die
Dood sal beslis tot niet gemaak
word,[o] en daardie visioen van
julle met Sjeool sal nie bly staan
nie.[p] Wanneer die oorstromen-
de stortvloed deurtrek[q]—dan
sal julle ’n plek van vertrap-
ping daarvoor word.[r] **19** Elke
keer as dit deurtrek, sal dit julle
wegneem,[s] want dit sal oggend
na oggend deurtrek, bedags en
snags; en dit sal niks anders
word nie as ’n rede tot bewing[t]
om ander te laat verstaan wat
gehoor is.”
**20** Want die slaapbank was
te kort vir iemand om hom
daarop uit te strek, en die ge-
weefde laken is te smal wan-
neer iemand hom daarin toe-
draai. **21** Want Jehovah sal
opstaan net soos by die berg Pe′-
rasim,[u] hy sal in beroering wees
net soos in die laagvlakte naby
Gi′beon,[v] om sy daad te verrig
—sy daad is vreemd—en om sy
werk te doen—sy werk is onge-
woon.[w] **22** En moet dan nou
nie spotters wees nie,[x] sodat
julle bande nie sterk word nie,
want ek het by die Soewereine[y]

**HFST. 28**

a Nu 11:17; 1Kn 3:28; Ps 72:1; Jes 11:2
b Ps 18:34; Ps 68:35; Flp 4:13
c Jer 5:31; Jer 23:13
d 2Kn 16:10
e Jer 48:26
f Heb 5:14
g Jes 6:10
h Ho 4:6; Mt 15:8; Mt 15:9
i 2Kn 21:13; Jes 28:17; Klg 2:8
j De 28:49; Jer 5:15
k Da 1:4
l 1Ko 14:21
m Ps 81:11; Jer 44:16
n 2Kn 21:13; Jes 28:17; Klg 2:8
o 2Kr 36:16; Jes 8:15
p Hab 1:10
q Jes 28:18

**Tweede kol.**

a Ese 13:16
b Jes 31:1; Jes 31:3
c Jes 30:10
d Heb 12:22; Op 14:1
e Ps 118:22; Ro 9:33; 1Pe 2:6
f Heb 2:10; Heb 5:9
g Mt 21:42; Mr 12:10; Lu 20:17; Han 4:11
h Jes 51:16; Mt 16:18; 1Ko 3:11; Ef 2:20
i Ro 9:33; Ro 10:11; 1Pe 2:6
j 2Kn 21:13
k Ps 9:8; Ps 35:24; Jer 11:20
l Jes 28:2
m 2Kn 18:21; Jes 31:1; Jes 31:3; Jer 43:11
n Jer 42:14; Jer 43:7; Ese 17:15
o Ro 5:14
p Jes 28:15
q Jes 8:8; Jer 47:2
r 2Kn 18:13
s Jes 24:1
t 2Kn 21:12; Jer 19:3; Hab 3:16
u 2Sa 5:20; 1Kr 14:11
v Jos 10:10; 1Kr 14:16

w Klg 2:15; Hab 1:5; x 2Kr 30:10; 2Kr 36:16; Jer 20:7; y Jes 10:23.

Heer, Jehovah van die leërs, ge-
hoor van ’n uitroeiing, ja, iets
waarop besluit is, vir die hele
land.[a]

gin regeer.

**38** In dié dae het Hiski′a
tot die dood toe siek ge-
word.[j] Toe het die profeet Je-
saja,[k] die seun van Amos, by
hom gekom en vir hom gesê:
“Só het Jehovah gesê: ‘Gee be-
vele aan jou huisgesin,[l] want jy
sal inderdaad sterf en nie le-
we nie.’ ”[m] **2** Daarop het His-
ki′a sy gesig na die muur ge-
draai[n] en tot Jehovah begin bid[o]
**3** en gesê: “Ek smeek u, o Jeho-
vah, onthou[p] asseblief hoe ek in
waaragtigheid[q] en met ’n volko-
me hart[r] voor u gewandel het[s]
en gedoen het wat goed was in u
oë.” En Hiski′a het bitterlik be-
gin huil.[t]

**4** En die woord[u] van Jeho-
vah het toe tot Jesaja gekom
en gesê: **5** “Gaan, en jy moet
vir Hiski′a sê: ‘Só het Jehovah,
die God van jou voorvader Da-
wid,[v] gesê: “Ek het jou gebed
gehoor.[w] Ek het jou trane ge-
sien.[x] Kyk, ek voeg vyftien jaar
by jou dae;[y] **6** en uit die palm
van die koning van Assi′rië sal
ek jou en hierdie stad verlos,
en ek sal hierdie stad verde-
dig.[z] **7** En dít is vir jou die te-
ken van Jehovah af dat Jehovah
hierdie woord sal uitvoer wat
hy gespreek het:[a] **8** Kyk, ek
laat die skaduwee van die trap-
pies wat weens die son[b] op die
trappies van die trap van Agas
gedaal het, tien trappies terug-
gaan.” ’ ”[a] En die son het geleide-
lik tien trappies teruggegaan op
die trappies waarlangs dit ge-
daal het.[b]

**9** ’n Geskrif van Hiski′a, die
koning van Juda, toe hy siek ge-
word[c] en van sy siekte herstel
het.[d]

**10** Ek het gesê: “In die middel van my dae sal ek die poorte[e] van Sjeool binnegaan.
Ek sal van die res[f] van my jare beroof word.”
**11** Ek het gesê: “Ek sal Jah, selfs Jah, nie in die land van die lewendes[g] sien nie.
Ek sal die mensdom nie meer aanskou nie—ek sal wees by die inwoners van die land waar alles tot ’n einde kom.
**12** My woonplek is opgebreek[h] en van my weggeneem soos die tent van herders.
Ek het my lewe opgerol net soos ’n wewer;
Ek word van die skeringdrade afgesny.[i]
Van ligdag tot nag bly u my oorlewer.[j]
**13** Ek het my tot die oggend toe tot bedaring gebring.[k]
Soos ’n leeu, so bly hy al my bene breek;[l]
Van ligdag tot nag bly u my oorlewer.[m]
**14** Soos die windswael, die tiptol, so bly ek piep;[n]
Ek hou aan koer soos die duif.[o]
My oë het smagtend na die hoogte gekyk:[p]

HFST. 37
a Ps 76:6
b 2Kn 19:7; 2Kn 19:28
c 2Kn 19:36
d Ge 10:11; Jon 1:2; Na 1:1; Sef 2:13
e 1Ko 8:4
f 2Kn 19:37
g 2Kr 32:21
h Ge 8:4; Jer 51:27
i Esr 4:2

HFST. 38
j 2Kr 32:24
k 2Kn 19:20; Jes 1:1
l 2Sa 17:23
m 2Kn 20:1
n 1Kn 8:30; 2Kn 20:2; Mt 6:6
o Ps 50:15; Ps 91:15
p Ne 13:22; Ps 20:3; 1Ko 15:58; Heb 6:10
q Ps 51:6; Ps 145:18
r 2Kr 31:21
s Ge 5:22; 1Kn 2:4; 2Kr 31:20
t 2Kn 20:3
u 2Kn 20:4
v 2Kr 34:2
w 2Kn 19:20; Spr 15:29; 1Jo 5:14
x 2Kn 20:5; Ps 39:12; Ps 56:8
y 2Kn 20:6; Ps 91:16
z 2Kn 19:34; 2Kr 32:22
a 2Kn 20:8
b Jos 10:12

Tweede kol.
a 2Kn 20:9; 2Kr 32:24
b 2Kn 20:11
c 2Kn 20:1
d De 32:39; 1Sa 2:6
e Job 38:17; Ps 9:13; Ps 107:18
f Ps 90:10; Pr 3:2; Pr 7:17
g Ps 6:5; Pr 9:5
h Ps 146:4; Pr 8:8
i Job 14:2
j Job 17:1
k Ps 130:6; Ps 131:2
l Da 6:24; Ho 5:14
m Ps 39:10
n Ps 102:7; Jer 8:7

o Jes 59:11; Ese 7:16; Na 2:7; p Ps 39:7; Ps 119:82.

‘O Jehovah, ek is in ver-
drukking. Staan vir my
in.’[a]
15 Wat sal ek spreek, en wat sal
hy vir my sê?[b]
Hy het ook opgetree.[c]
Ek wandel al my jare pleg-
tig in die bitterheid van
my siel.[d]
16 ‘O Jehovah, daarom bly hulle
lewe; en soos met almal
bestaan die lewe van
my gees[e] daardeur.
En u sal my weer gesond
maak en my beslis laat
lewe.[f]
17 Kyk! Tot vrede het ek gehad
wat bitter was, ja, bit-
ter;[g]
En u het aan my siel ge-
heg geraak en dit van
die kuil van ontbinding
bewaar.[h]
Want u het al my sondes
agter u rug gewerp.[i]
18 Want Sjeool kan u nie prys
nie;[j] die dood kan u nie
loof nie.[k]
Dié wat in die kuil afdaal,
kan nie hoopvol na u
waaragtigheid uitsien
nie.[l]
19 Die lewende, die lewende, hy
kan u prys,[m]
Net soos ek vandag kan.[n]
Die vader kan aan sy kin-
ders kennis[o] oor u
waaragtigheid gee.
20 O Jehovah, neem dit op u om
my te red,[p] en ons sal
my snaarmusiek speel[q]
Al die dae van ons lewe
in die huis van Jeho-
vah.’ ”[r]

21 En Jesaja het gesê: “Laat
hulle ’n koek van saamgeper-
ste droëvye neem en dit op die
sweer invryf,[s] sodat hy kan her-
stel.”[t] 22 Intussen het Hiski′a
gesê: “Wat is die teken dat ek
na die huis van Jehovah sal op-
gaan?”[u]

39 In dié tyd het Mero′dag-
Ba′ladan,[a] die seun van
Ba′ladan, die koning van Babi-
lon,[b] briewe en ’n geskenk[c] aan
Hiski′a gestuur, nadat hy ge-
hoor het dat hy siek was maar
weer aangesterk het.[d] 2 Toe
het Hiski′a oor hulle bly ge-
word[e] en vir hulle sy skathuis
gewys,[f] die silwer en die goud
en die balsemolie[g] en die goeie
olie en sy hele wapenhuis[h] en
alles wat onder sy skatte te vin-
de was. Daar was niks in sy
huis[i] en in sy hele ryk[j] wat His-
ki′a hulle nie gewys het nie.
3 Daarna het die profeet Je-
saja by koning Hiski′a gekom en
vir hom gesê:[k] “Wat het hier-
die manne gesê en waarvan-
daan het hulle na u toe ge-
kom?” Toe het Hiski′a gesê: “Uit
’n ver land het hulle na my toe
gekom, uit Babilon.”[l] 4 En hy
het gesê: “Wat het hulle in u
huis gesien?”[m] Hierop het His-
ki′a gesê: “Alles wat in my huis
is, het hulle gesien. Daar was
niks van my skatte wat ek hul-
le nie gewys het nie.” 5 Jesaja
het toe vir Hiski′a gesê:[n] “Hoor
die woord van Jehovah van die
leërs: 6 ‘Kyk! Daar kom dae,
en alles wat in jou huis is en
wat jou voorvaders tot van-
dag toe opgegaar het, sal na Ba-
bilon weggevoer word.’[o] ‘Daar
sal niks oorbly nie’,[p] het Jeho-
vah gesê. 7 ‘En party van jou
seuns wat uit jou sal voortkom,
van wie jy vader sal word, sal
geneem word[q] en hofbeamptes[r]
in die paleis van die koning van
Babilon word.’ ”[s]
8 Daarop het Hiski′a vir Je-
saja gesê: “Die woord van Je-
hovah wat u gespreek het, is
goed.”[t] En hy het verder gesê:
“Want vrede en waarheid[u] sal
in my dae voortduur.”[v]

HFST. 38
a Ps 119:123
b Ps 39:12
c 1Pe 5:7
d 2Kn 4:27; Job 7:11; Job 21:25; Lu 22:62
e Job 33:28; Ps 71:20
f 1Sa 2:6; Ps 86:13
g Ps 30:5
h Ps 28:1; Ps 30:3; Ps 86:13; Ps 88:5; Jon 2:6
i Jes 43:25; Mi 7:18; Ro 4:8
j Ps 30:9; Ps 88:10; Ps 146:4
k Ps 6:5; Ps 115:17; Pr 9:10
l Pr 9:5; Jes 38:11
m Ps 63:4; Ps 146:2
n Joh 9:4
o Ge 18:19; De 4:9; Jos 4:21; Ps 78:3
p Ps 27:5
q Ps 30:12; Ps 150:4
r 2Kn 20:5; Ps 84:2
s Job 2:7
t 2Kn 20:7
u 2Kn 20:8

Tweede kol.

HFST. 39
a 2Kn 20:12
b Ge 10:10; Jes 13:19
c 2Kr 32:23
d 2Kn 20:5
e Job 31:25; Spr 23:5
f 2Kn 20:13; 2Kr 32:27
g 1Kn 10:25
h Ne 3:19; Jes 22:8
i Jer 9:23
j 2Kn 20:13
k Jes 38:1
l De 28:49; 2Kn 20:14
m 2Kn 20:15
n 2Kn 20:16
o 2Kn 24:13; 2Kn 25:13; 2Kr 36:18; Jer 52:17
p 2Kn 20:17; Da 1:2
q 2Kn 24:12; 2Kn 25:6; 2Kr 33:11; Ese 17:12
r Da 2:49; Da 5:29
s 2Kn 20:18

t Le 10:3; Ps 39:9; 1Pe 5:6; u Jer 33:6; v 2Kn 20:19.

**40** “Vertroos, vertroos my
volk”, sê julle God.[a]
**2** “SPREEK tot die hart van Je-
rusalem[b] en roep hom toe dat
sy krygsdiens vervul is,[c] dat sy
oortreding afbetaal is.[d] Want
uit die hand van Jehovah het
hy ’n volle maat vir al sy sondes
ontvang.”[e]

**3** Luister! Iemand roep in die
wildernis uit:[f] “BAAN die weg
van Jehovah![g] MAAK die groot-
pad vir ons God deur die woes-
tynvlakte reguit.[h] **4** Laat elke
vallei verhoog word[i] en elke
berg en heuwel plat gemaak
word.[j] En die bulterige grond
sal ’n gelykte word, en die on-
gelyke grond ’n valleivlakte.[k]
**5** En die heerlikheid van Jeho-
vah sal beslis geopenbaar word,[l]
en alle vlees sal dit saam sien,[m]
want die mond van Jehovah het
dit gespreek.”[n]

**6** Luister! Iemand sê: “Roep
uit!”[o] En een het gesê: “Wat
moet ek uitroep?”

“Alle vlees is groen gras, en
al hulle liefderyke goedhartig-
heid is soos die bloeisel van die
veld.[p] **7** Die groen gras het
verdroog, die bloeisel het ver-
welk,[q] want die gees van Jeho-
vah het daarop geblaas.[r] Waar-
lik, die volk is groen gras.[s]
**8** Die groen gras het verdroog,
die bloeisel het verwelk;[t] maar
wat die woord van ons God be-
tref, dit sal tot onbepaalde tyd
bly bestaan.”[u]

**9** Klim op ’n hoë berg,[v] o
vrou wat goeie nuus bring vir
Sion.[w] Verhef jou stem met
krag, o vrou wat goeie nuus
bring vir Jerusalem.[x] Verhef
dit. Moenie bang wees nie.[y] Sê
vir die stede van Juda: “Hier is
julle God.”[z] **10** Kyk! Die Soe-
wereine Heer Jehovah sal kom
as ’n sterke, en sy arm sal vir
hom heers.[a] Kyk! Sy beloning is
by hom,[a] en die loon wat hy be-
taal, is voor hom.[b] **11** Soos ’n
herder sal hy sy kudde laat wei.[c]
Met sy arm sal hy die lammers
bymekaarbring;[d] en in sy boe-
sem sal hy hulle dra.[e] Dié wat
soog, sal hy met sorg lei.[f]

**12** Wie het die waters in die
holte van sy hand gemeet,[g] en
die afmetings van die hemel
met ’n span geneem,[h] en die
stof van die aarde in ’n
maat ingesluit,[i] of die berge
met ’n weegtoestel en die heu-
wels op die weegskaal geweeg?
**13** Wie het die afmetings van
die gees van Jehovah geneem,
en wie kan aan hom as sy raads-
man enigiets bekend maak?[j]
**14** Met wie het hy beraadslaag
sodat ’n mens hom sou laat ver-
staan, of wie leer hom die pad
van geregtigheid of leer hom
kennis[k] of maak aan hom die
weg van ware begrip bekend?[l]

**15** Kyk! Die nasies is soos ’n
druppel uit ’n emmer; en soos
die stoflagie op die weegskaal
is hulle gereken.[m] Kyk! Hy
lig die eilande[n] op soos fyn stof.
**16** Selfs die Li′banon is nie ge-
noeg om ’n vuur aan die brand
te hou nie, en sy wilde diere[o]
is nie genoeg vir ’n brandoffer
nie.[p] **17** Al die nasies is voor
hom soos iets wat nie bestaan
nie;[q] as niks en as ’n onwerklik-
heid is hulle by hom gereken.[r]

**18** En met wie kan julle God
vergelyk,[s] en watter gelyke-
nis kan julle naas hom stel?[t]
**19** Die vakman het ’n gegote
beeld gemaak,[u] en die metaal-
werker trek dit met goud oor,[v]
en hy smee silwerkettings.[w]

**HFST. 40**

**a** Jes 35:3; Jes 49:13; Jes 51:3; Sag 1:13; 2Ko 1:3
**b** 2Kr 30:22; Ho 2:14
**c** Ps 79:8; Ps 103:13
**d** Ps 32:1; Jer 31:34; Jer 33:8
**e** Jer 16:18; Da 9:12
**f** Mt 3:3; Mr 1:3; Lu 3:4; Joh 1:23
**g** Jes 35:8; Jes 57:14; Mal 3:1
**h** Jes 11:16
**i** Jes 42:16; Lu 3:5
**j** Jes 2:12
**k** Ps 26:12
**l** Ps 50:15; Ps 72:19; Jes 24:15
**m** Jes 49:6; Jes 52:10
**n** Jes 55:11; Tit 1:2
**o** Jer 2:2
**p** Job 14:2; Ps 90:6
**q** Jak 1:11; 1Pe 1:24
**r** Ps 90:5; Ps 103:16; Ps 104:29
**s** Ps 103:15
**t** Ps 37:2
**u** Ps 119:89; Jes 46:10; Mt 5:18; 1Pe 1:25
**v** 1Sa 26:13; Mt 5:14
**w** Jes 52:7; Ro 10:18
**x** Lu 24:47; Ro 10:15
**y** Jes 51:7; Joh 12:15; Flp 1:28; 1Pe 3:14
**z** Jes 12:2; Jes 25:9; Ro 8:31
**a** Ps 2:6; Ps 110:2; Jes 9:6; Joh 12:38

**Tweede kol.**

**a** Jes 62:11; Op 22:12
**b** Jes 49:4
**c** Ge 49:24; Jes 49:10; Heb 13:20; 1Pe 2:25
**d** Ese 34:16
**e** Joh 21:15
**f** Ge 33:13; Joh 10:14; Joh 10:16; 1Pe 5:2
**g** Spr 30:4
**h** Ps 104:2; Heb 1:10

**i** Job 38:5; Spr 8:26; **j** Job 21:22; Job 36:23; Ro 11:34; **k** 1Ko 2:16; **l** Job 32:8; Ps 147:5; **m** Ps 62:9; **n** Jes 41:5; **o** Ps 50:10; **p** Mi 6:7; **q** Ps 39:5; Ps 62:9; Da 4:35; **r** Ps 39:11; Ps 144:4; Jes 41:11; **s** Eks 8:10; 1Sa 2:2; Ps 86:8; Ps 89:6; Ps 113:5; Jer 10:6; Mi 7:18; **t** Eks 20:4; De 4:15; De 4:16; Han 17:29; **u** Jes 44:10; Jer 16:20; Hab 2:18; **v** Ps 115:4; Ps 135:15; Jes 37:19; Jes 41:7; Ho 8:6; **w** Rig 17:4; Jer 10:4.

**20** Hy kies ’n sekere boom as
bydrae, ’n boom wat nie ver-
rot is nie.[a] Hy soek vir hom ’n
vaardige vakman, om ’n gesne-
de beeld te maak[b] wat nie sal
wankel nie.[c]

**21** Weet julle nie? Hoor jul-
le nie? Is dit nie vir julle van
die begin af vertel nie? Het jul-
le nie verstaan vandat die fon-
damente van die aarde gelê is
nie?[d] **22** Daar is Een wat bo
die kring van die aarde woon[e]
—waarvan die bewoners soos
sprinkane is—die Een wat die
hemel uitspan soos ’n fyn gaas,
wat dit uitsprei soos ’n tent om
in te woon,[f] **23** die Een wat
hoë amptenare tot niks maak,
wat die regters van die aarde
tot ’n blote onwerklikheid ge-
maak het.[g]

**24** Nog nooit is hulle geplant
nie; nog nooit is hulle gesaai
nie; nog nooit het hulle stomp
in die grond wortelgeskiet nie.[h]
En daar hoef maar net op hul-
le geblaas te word en hulle ver-
droog;[i] en soos stoppels sal die
windstorm hulle wegvoer.[j]

**25** “Maar met wie kan jul-
le my vergelyk sodat ek sy ge-
lyke gemaak sou word?” sê die
Heilige.[k] **26** “Slaan julle oë op
in die hoogte en kyk. Wie het
hierdie dinge geskep?[l] Die Een
wat hulle leër volgens getal uit-
lei, hulle almal selfs by die naam
noem.[m] Weens die oorvloed van
dinamiese energie,[n] en omdat
hy sterk in krag is, ontbreek
nie een van hulle nie.

**27** “Waarom sê jy, o Jakob,
en spreek jy, o Israel: ‘My weg
is vir Jehovah verborge,[o] en ge-
regtigheid teenoor my gaan by
my God verby’?[p] **28** Het jy dit
nie te wete gekom of het jy dit
nie gehoor nie?[q] Jehovah, die
Skepper van die eindes van die
aarde, is ’n God tot onbepaal-
de tyd.[a] Hy raak nie moeg of af-
gemat nie.[b] Daar is geen deur-
gronding van sy verstand nie.[c]
**29** Hy gee die vermoeide krag;[d]
en aan die een sonder dina-
miese energie[e] skenk hy volle
sterkte in oorvloed. **30** Seuns
sal moeg sowel as afgemat raak,
en jong manne sal vir seker
struikel, **31** maar dié wat op
Jehovah hoop,[f] sal nuwe krag
kry.[g] Hulle sal opvaar met vler-
ke soos arende.[h] Hulle sal hard-
loop en nie afgemat raak nie;
hulle sal loop en nie moeg raak
nie.”[i]

**41** “Hoor my stilswyend aan,
o eilande;[j] en laat volks-
groepe[k] nuwe krag kry. Laat
hulle nader kom.[l] Laat hulle in
dié tyd praat. Laat ons saam na-
der kom na die gereg.[m]

**2** “Wie het iemand van die
sonsopgang af verwek?[n] Wie
het hom in regverdigheid na
Sy voete geroep, om die na-
sies voor hom te gee en om
hom selfs konings te laat on-
derwerp?[o] Wie het hulle soos
stof aan sy swaard bly gee,
sodat hulle met sy boog soos
blote stoppels rondgedryf is?[p]
**3** Wie het hulle agtervolg,
vreedsaam te voet voortgetrek
met die pad waarlangs hy nie
gekom het nie? **4** Wie was be-
drywig[q] en het dit gedoen, die
geslagte van die begin af ge-
roep?[r]

“Ek, Jehovah, die Eerste;[s] en
by die laastes is ek dieselfde.”[t]

**5** Die eilande[u] het gesien en
begin vrees. Die eindes van
die aarde het begin bewe.[v] Hul-
le het nader gekom en toege-
stroom. **6** Hulle het elkeen sy
metgesel gehelp en vir sy broer

**HFST. 40**

a Jes 44:14; Jer 10:3
b Ps 115:8; Jes 2:8; Jes 46:7; Hab 2:18
c Jes 41:7
d Ps 19:1; Han 14:17; Ro 1:20
e Ps 2:4; Ps 29:10; Ps 68:33; Jes 66:1
f Job 9:8; Job 38:9; Jes 42:5; Jes 44:24; Jer 10:12; Sag 12:1
g Ps 76:12; Lu 1:52
h 1Kn 21:21; 2Kn 10:11; Jer 22:30
i Jes 11:4
j Ps 58:9; Spr 1:27; Jes 17:13
k Jes 40:18
l Ps 8:3; Ps 102:25
m Ps 147:4
n Ps 89:13; Jer 32:17
o Ps 77:7; Jes 49:14; Jes 60:15; Ese 37:11; Ro 11:1
p Job 27:2; Job 34:5; Lu 18:7
q Jes 40:21

**Tweede kol.**

a Ge 21:33; De 33:27; Ps 90:2; Jes 57:15; Jer 10:10; Ro 16:26; 1Ti 1:17
b Ps 121:4; Jes 27:3
c Ps 139:6; Ps 147:5; Jes 55:9; Ro 11:33; 1Ko 2:16
d Ps 29:11; Flp 4:13; Heb 11:34
e Jes 40:26; Ho 12:3
f Ps 25:3
g Ps 103:5; Ps 138:3
h Eks 19:4
i 1Kn 18:46; Ps 84:7

**HFST. 41**

j Jes 49:1
k Ps 108:3
l Jes 41:21
m Mi 6:1
n Jes 44:28; Jes 46:11; Op 16:12

**o** Ps 110:6; Jes 45:1; **p** Jes 40:24; **q** Ps 90:16; Ps 111:3; Joh 5:17; **r** De 32:8; Han 17:26; **s** Jes 43:10; Jes 44:6; Jes 48:12; Op 1:8; **t** Jes 46:4; Mal 3:6; Jak 1:17; **u** Ge 10:5; **v** Ps 65:8; Ps 66:3; Ps 67:7.

gesê: “Wees sterk.”[a] **7** So het
die vakman die metaalwerker
versterk,[b] die een wat met die
smeehamer gelykmaak, hom
wat op die aambeeld slaan, ter-
wyl hy van die soldeersel sê:
“Dit is goed.” Uiteindelik het
iemand dit met spykers vasge-
slaan sodat dit nie sou wankel
nie.[c]

**8** “Maar jy, o Israel, is my
kneg,[d] jy, o Jakob, wat ek uit-
verkies het,[e] die saad van my
vriend[f] Abraham;[g] **9** jy, wat
ek van die eindes van die aar-
de af gegryp het,[h] en jy, wat ek
selfs van die afgeleë dele daar-
van geroep het.[i] En daarom het
ek vir jou gesê: ‘Jy is my kneg;[j]
ek het jou uitverkies,[k] en ek het
jou nie verwerp nie.[l] **10** Moe-
nie bang wees nie, want ek is
met jou.[m] Moenie rondkyk nie,
want ek is jou God.[n] Ek sal
jou versterk.[o] Ek sal jou werk-
lik help.[p] Ek sal jou werklik
stewig vashou met my regter-
hand[q] van regverdigheid.’[r]

**11** “Kyk! Almal wat teen jou
driftig raak, sal beskaamd
staan en verneder word.[s] Die
manne wat met jou rusie maak,
sal soos niks word en sal ver-
gaan.[t] **12** Jy sal hulle soek,
maar jy sal hulle nie vind nie,
dié manne wat in ’n stryd met
jou gewikkel is.[u] Hulle sal word
soos iets wat nie bestaan nie en
soos niks,[v] dié manne wat teen
jou oorlog voer. **13** Want ek,
Jehovah jou God, gryp jou reg-
terhand vas,[w] ek wat vir jou sê:
‘Moenie bang wees nie.[x] Ek sal
jou help.’[y]

**14** “Moenie bang wees nie, o
wurm[z] Jakob, manne van Is-
rael.[a] Ek sal jou help”, is die
woord van Jehovah, ja, jou Te-
rugkoper,[b] die Heilige van Is-
rael. **15** “Kyk! Ek het jou ’n
dorsslee gemaak,[c] ’n nuwe dors-
werktuig met tweesnydende
tande. Jy sal die berge ver-
trap en hulle verbrysel; en die
heuwels sal jy net soos die
kaf maak.[a] **16** Jy sal hulle uit-
wan,[b] en ’n wind sal hulle weg-
voer,[c] en ’n windstorm sal hul-
le in verskillende rigtings dryf.[d]
En jy sal bly wees in Jehovah.[e]
In die Heilige van Israel sal jy
oor jouself roem.”[f]

**17** “Die geteisterdes en die
armes soek water,[g] maar daar
is nie. Van dors[h] het hulle tong
verdroog.[i] Ek, Jehovah, sal hul-
le antwoord.[j] Ek, die God van Is-
rael, sal hulle nie verlaat nie.[k]
**18** Op kaal heuwels sal ek ri-
viere oopmaak, en in die vallei-
vlaktes fonteine.[l] Ek sal die wil-
dernis ’n waterpoel met riete
maak, en die waterlose land wa-
terbronne.[m] **19** In die wilder-
nis sal ek die sederboom, die
akasia en die mirt en die wil-
deolyfboom sit.[n] In die woes-
tynvlakte sal ek terselfdertyd
die jenewerboom, die es en die
sipres plaas;[o] **20** sodat mense
kan sien en weet en ag gee en
terselfdertyd insig kan hê dat
die hand van Jehovah dit ge-
doen het en die Heilige van Is-
rael dit geskep het.”[p]

**21** “Bring julle geskil[q] voor”,
sê Jehovah. “Voer julle argu-
mente aan”,[r] sê die Koning van
Jakob.[s] **22** Voer aan en ver-
tel vir ons wat gaan ge-
beur. Die eerste dinge—wat dit
was—vertel tog, sodat ons ons
hart daarop kan rig en die toe-
koms daarvan kan weet. Of laat
ons selfs die toekomstige dinge
hoor.[t] **23** Vertel die dinge wat
later sal kom, sodat ons kan
weet dat julle gode is.[u] Ja, jul-

**HFST. 41**

**a** 1Sa 4:9, Jl 3:10
**b** Jes 44:12, Jes 46:6
**c** Jes 40:20
**d** Eks 19:5, Le 25:42
**e** De 7:6, Ps 33:12
**f** 2Kr 20:7, Jak 2:23
**g** Mt 3:9, Heb 2:16
**h** Ps 107:3
**i** Mt 24:31
**j** Jes 43:10
**k** 1Sa 12:22
**l** Ps 94:14, Jer 33:26, Ro 11:2, Ro 11:26
**m** De 20:1, Jos 1:9, Ps 46:1, Ro 8:31
**n** Ps 147:12, Jes 60:19, Heb 8:10
**o** De 33:27, Ps 29:11, Sag 10:12
**p** Ps 37:40, Ps 115:9, Ps 121:2
**q** Ps 63:8
**r** Ps 65:5, Ps 89:14
**s** Eks 11:8, Ps 86:17, Jes 45:24, Op 3:9
**t** Jes 40:17, Jes 60:12
**u** Jes 54:17
**v** Ps 37:10, Ps 37:36
**w** Ps 73:23, Ps 109:31, Jes 42:6, Jes 45:1
**x** Jes 41:10
**y** De 33:29
**z** Job 25:6, Ps 22:6
**a** De 7:7
**b** Ps 19:14, Jes 43:14, Jes 47:4
**c** Mi 4:13, Hab 3:12

**Tweede kol.**

**a** Ps 18:42
**b** Mt 3:12
**c** Ps 1:4
**d** Jes 17:13
**e** Est 9:22, Jes 25:9
**f** Jes 12:6, Jer 9:24
**g** Ps 63:1, Jes 55:1, Am 8:11, Op 22:17
**h** De 28:48, Ps 22:15, Klg 4:4
**i** Lu 16:24
**j** Ps 34:6, Jes 30:19

**k** Ge 28:15; Ps 94:14; Jes 42:16; Heb 13:5; **l** Ps 46:4; Jes 30:25; Jl 3:18; **m** Ps 107:35; **n** Jes 32:15; Jes 55:13; Jes 60:21; **o** Jes 51:3; **p** Ps 109:27; Ese 39:28; **q** Job 23:4; Jes 43:9; **r** Job 38:3; Jes 50:8; Mi 6:2; **s** De 33:5; Jes 49:26; Jes 60:16; **t** Jes 42:9; Jes 46:10; Jes 48:5; **u** Jes 44:6; Jes 46:9; Jer 16:20.

le behoort goed of kwaad te
doen, sodat ons kan rondkyk
en dit terselfdertyd kan sien.[a]
**24** Kyk! Julle is iets wat nie be-
staan nie, en julle werk is niks.[b]
Verfoeilik is elkeen wat julle
uitkies.[c]
**25** "Ek het iemand uit die
noorde verwek, en hy sal kom.[d]
Van die sonsopgang[e] af sal hy
my naam aanroep. En hy sal
oor onderheersers kom asof hul-
le klei is[f] en soos 'n pottebakker
wat die vogtige materiaal trap.
**26** "Wie het enigiets van die
begin af vertel, sodat ons dit
kan weet, of van vergange tye
af, sodat ons kan sê: 'Hy is reg'?[g]
Waarlik, daar is niemand wat
iets vertel nie. Waarlik, daar is
niemand wat iets laat hoor nie.
Waarlik, daar is niemand wat
julle woorde hoor nie."[h]
**27** Daar is een wat eerste is,
wat vir Sion sê: "Kyk! Hier is
hulle!"[i] en aan Jerusalem sal ek
'n bringer van goeie nuus gee.[j]
**28** Ek het bly kyk, en daar
was niemand nie; en onder hulle
was daar ook niemand wat raad
gee nie.[k] En ek het hulle bly
vra, sodat hulle kon antwoord.
**29** Kyk! Hulle is almal iets wat
nie bestaan nie. Hulle werke
is niks. Hulle gegote beelde is
wind en onwerklikheid.[l]

**42** Kyk! My kneg,[m] wat ek
ondersteun![n] My uitver-
korene,[o] wat my siel goedge-
keur het![p] Ek het my gees in
hom geplaas.[q] Hy sal geregtig-
heid vir die nasies voortbring.[r]
**2** Hy sal nie uitroep of sy stem
verhef nie, en op die straat sal
hy nie sy stem laat hoor nie.[s]
**3** 'n Geknakte riet sal hy nie
breek nie;[t] en 'n dowwe vlas-
pit sal hy nie uitdoof nie. In
waaragtigheid sal hy geregtig-
heid voortbring.[u] **4** Hy sal nie
dof raak of geknak word totdat
hy geregtigheid op die aarde ge-
vestig het nie;[a] en op sy wet sal
die eilande bly wag.[b]
**5** Só het die ware God, Jeho-
vah, gesê, die Skepper van die
hemele[c] en die Grootse Uitspan-
ner daarvan;[d] die Een wat die
aarde[e] en die opbrengs[f] daarvan
uitsprei, die Een wat asem[g] aan
die mense daarop gee,[h] en gees
aan dié wat daarop wandel:[i]
**6** "Ek, Jehovah, het jou in reg-
verdigheid geroep,[j] en ek het
jou hand gevat.[k] En ek sal jou
bewaar en jou gee as 'n verbond
van die volk,[l] as 'n lig van die
nasies,[m] **7** om die blinde oë te
open,[n] om die gevangene uit die
kerker te lei,[o] uit die huis van
bewaring dié wat in die duister-
nis sit.[p]
**8** "Ek is Jehovah. Dit is my
naam;[q] en aan niemand anders
sal ek my heerlikheid gee nie,[r]
en ook nie my lof[s] aan gesnede
beelde nie.[t]
**9** "Die eerste dinge—kyk,
dit het gekom,[u] maar nuwe
dinge kondig ek aan. Voordat
dit uitspruit, laat ek julle dit
hoor."[v]
**10** Sing tot Jehovah 'n nuwe
lied,[w] sy lof van die einde van
die aarde af,[x] julle wat afgaan
na die see[y] en na alles wat dit
vul, o eilande en dié wat daarop
woon.[z] **11** Laat die wildernis[a]
en sy stede hulle stem verhef,
die nedersettings waar Kedar
woon.[b] Laat die bewoners van
die krans[c] van vreugde uit-
roep. Laat mense van die top
van die berge af hard uitroep.

**HFST. 41**
a Jes 46:7; Jer 10:5
b Ps 115:8; Jes 44:10; Jer 10:14; Jer 51:18; 1Ko 8:4
c De 7:26; De 27:15
d Jes 44:28; Jes 45:1; Jer 51:28
e Jes 46:11; Op 16:12
f 2Sa 22:43; Jes 10:6; Mi 7:10; Sag 10:5
g Jes 43:9; Jes 44:7; Jes 45:21
h Ps 115:6; Hab 2:18
i Jes 43:10; Jes 44:7
j Esr 1:1; Jes 40:9; Na 1:15; Ro 10:15
k Jes 63:5; Jer 5:13; Da 2:10
l Ps 115:4; Jes 44:9; Jer 10:5; Hab 2:18; 1Ko 8:4

**HFST. 42**
m Jes 52:13; Mt 12:18; Joh 4:34; Joh 6:38
n Jes 49:7; Joh 16:32
o Ps 89:19; Lu 9:35; 1Pe 2:4
p Mt 3:17; Joh 6:27; 2Pe 1:17
q Jes 61:1; Mt 3:16; Han 10:38
r Mt 12:18; Ro 15:9
s Sag 9:9; Mt 12:16; Mt 12:19
t Jes 40:11; Mt 11:28; Heb 2:17
u Ps 72:2; Jes 11:3; Mt 12:20; Joh 5:30; Op 19:11

**Tweede kol.**
a Jes 9:7; Jes 49:8
b Ge 12:3; Ge 49:10; Ps 22:27; Mt 12:21
c Ps 102:25; Jes 40:26
d Ps 104:2; Jes 40:22
e Ge 1:1; Ps 136:6
f Jer 10:12; g Ge 7:22; h Ge 2:7; Han 17:25; i Job 12:10; Pr 12:7; j Ps 45:6; Jes 32:1; k Jes 41:13; l Jes 49:8; Mt 26:28; Heb 8:6; m Jes 49:6; Lu 2:32; Joh 8:12; n Jes 35:5; o Jes 61:1; p Heb 2:15; 1Pe 2:9; q Ps 83:18; r Jes 48:11; s Eks 15:11; Jes 12:4; t Eks 32:8; Eks 34:14; u Ge 12:2; Ge 15:14; Jos 21:45; 1Kn 8:15; v Jes 41:23; Jes 43:19; Am 3:7; 2Pe 1:21; w Ps 96:1; Ps 98:1; Op 14:3; x Jes 44:23; Hab 3:3; y Ps 107:23; z Ps 97:1; Jes 51:5; a Jes 32:16; Jes 35:1; b Ge 25:13; Ps 120:5; Jes 60:7; c Jer 48:28; Jer 49:16.

**12** Laat hulle heerlikheid aan
Jehovah toeskryf,[a] en laat hulle
op die eilande sy lof verkondig.[b]
**13** Soos ’n sterk man sal Je-
hovah uittrek.[c] Soos ’n krygs-
man sal hy ywer opwek.[d] Hy sal
hard uitroep, ja, hy sal ’n oor-
logskreet aanhef;[e] hy sal toon
dat hy magtiger is as sy vy-
ande.[f]
**14** “Ek het lank stilgebly.[g]
Ek het geswyg.[h] Ek het selfbe-
heersing bly beoefen.[i] Soos ’n
vrou wat geboorte gee, gaan ek
tegelykertyd kreun, hyg en na
asem snak.[j] **15** Ek sal berge
en heuwels verwoes,[k] en al hul-
le plante sal ek laat verdroog.
En ek sal riviere in eilande ver-
ander, en rietpoele sal ek laat
opdroog.[l] **16** En ek sal die
blindes laat wandel op ’n weg
wat hulle nie geken het nie;[m] op
’n pad wat hulle nie geken het
nie, sal ek hulle laat loop.[n] Ek
sal ’n donker plek voor hulle
in lig verander,[o] en ’n ongelyke
terrein in ’n gelykte.[p] Dit is die
dinge wat ek vir hulle sal doen,
en ek sal hulle nie verlaat nie.”[q]
**17** Dié wat vertroue in die
gesnede beeld stel, dié wat vir
’n gegote beeld sê: “Julle is ons
gode”,[r] hulle sal agteruitwyk,
hulle sal diep beskaamd staan.[s]
**18** Hoor, julle dowes; en kyk
om te sien, julle blindes.[t]
**19** Wie is blind buiten my kneg,
en wie is doof soos my bood-
skapper wat ek stuur? Wie is
blind soos die een wat beloon
word, of blind soos die kneg van
Jehovah?[u] **20** Daar was baie
dinge om te sien, maar jy het
nie daarop bly ag gee nie.[v] Daar
was rede om die ore te open,
maar jy het nie bly luister nie.[w]
**21** Jehovah het ter wille van sy
regverdigheid[x] behae daarin ge-
skep om die wet[y] groot en luis-
terryk te maak. **22** Maar dit
is ’n beroofde en geplunderde
volk,[a] wat almal in die gate ge-
vange is, en in die huise van
bewaring is hulle verborge ge-
hou.[b] Hulle het roofgoed ge-
word sonder ’n verlosser,[c] buit
sonder iemand wat sê: “Bring
terug!”
**23** Wie onder julle sal hier-
na luister? Wie sal aandag
skenk en luister vir latere tye?[d]
**24** Wie het Jakob oorgegee as
buit, en Israel aan die rowers?
Is dit nie Jehovah nie, die Een
teen wie ons gesondig het en in
wie se weë hulle nie wou wan-
del en na wie se wet hulle nie
geluister het nie?[e] **25** Daarom
het Hy woede, sy toorn en die
sterkte van oorlog oor hom bly
uitstort.[f] En dit het hom rond-
om bly verteer,[g] maar hy het
geen ag geslaan nie;[h] en dit het
teen hom bly oplaai, maar hy
het niks ter harte geneem nie.[i]

**43** En nou, só het Jehovah
gesê, jou Skepper,[j] o Ja-
kob, en jou Formeerder,[k] o Is-
rael: “Moenie bang wees nie,
want ek het jou teruggekoop.[l]
Ek het jou by jou naam ge-
roep.[m] Jy is myne.[n] **2** As jy
deur die waters trek,[o] sal ek
met jou wees;[p] en deur die rivie-
re, hulle sal jou nie oorstroom
nie.[q] As jy deur die vuur gaan,
sal jy nie geskroei word nie, en
ook sal die vlam jou nie brand
nie.[r] **3** Want ek is Jehovah
jou God, die Heilige van Israel,
jou Redder.[s] Ek het Egipte as
losprys vir jou gegee,[t] Etiopië[u]
en Seba in jou plek. **4** Omdat
jy kosbaar was in my oë,[v] is jy
eerwaardig geag, en ek het jou

HFST. 42
a Ps 22:27, Jes 24:15, Ro 15:9
b Jes 66:19
c Ps 78:66, Jes 59:17, Jer 25:30
d Eks 15:3, Na 1:2
e Ho 11:10, Jl 3:16
f De 32:39, 1Sa 2:10
g Jer 44:22
h Ps 50:3, Ps 83:1
i 2Pe 3:9
j Ge 3:16
k Ps 18:7, Jer 4:24, Sef 1:15
l Ps 107:33, Jes 37:25, Jes 44:27, Jes 50:2
m Jes 29:18, Jes 35:5, Jer 31:8
n Jes 30:21
o Jes 60:1, Jes 60:20
p Jes 40:4, Lu 3:5
q Ps 94:14, Heb 13:5
r Eks 32:4, Jes 44:17
s Ps 97:7, Jes 1:29, Jes 44:11, Jes 45:16, Jer 2:26
t Jes 6:10, Jes 29:18, Jes 43:8
u Jes 6:9, Jes 56:10, Jes 61:1, Jer 4:22, Ese 12:2, Lu 4:18, 2Ko 4:4
v De 4:9, De 29:4, Ps 106:7
w Ese 33:31
x Ps 71:16, Ro 3:25
y Ps 19:7, Heb 8:10

Tweede kol.
a De 28:33, Jes 1:7, Jer 50:17
b Ps 102:20
c De 28:29, De 28:52, Jes 51:23
d Le 26:16, De 4:30, De 32:29
e Rig 2:14, 2Kr 15:6, Ps 106:41
f De 32:22, Na 1:6
g 2Kn 10:32, 2Kn 25:9
h Jes 9:13, Jer 5:3, Ho 7:9

i Jes 57:11; Mal 2:2; HFST. 43 j Ps 100:3; Jes 43:15; Ef 2:10; k Jes 44:2; Jes 44:21; l Jes 35:9; Jes 44:23; Jer 50:34; m Jes 45:4; n De 32:9; Ps 135:4; o Eks 14:29; Jos 3:15; Ps 66:12; Heb 11:29; p Ps 23:4; q 2Kn 2:8; r Da 3:25; Sag 13:9; s Jes 60:16; Tit 2:10; Tit 3:4; t 2Kn 24:7; Ese 29:19; u Jes 45:14; v Eks 19:5.

liefgehad.[a] En ek sal mense in
jou plek gee, en volksgroepe in
die plek van jou siel.[b]
5 “Moenie bang wees nie,
want ek is met jou.[c] Van die
sonsopgang af sal ek jou saad
bring, en van die sonsonder-
gang af sal ek jou bymekaar-
maak.[d] 6 Ek sal vir die noor-
de[e] sê: ‘Gee!’ en vir die suide:
‘Moenie terughou nie. Bring my
seuns van ver af, en my dog-
ters van die einde van die aarde
af,[f] 7 almal wat na my naam
genoem word[g] en wat ek tot my
heerlikheid geskep het,[h] wat ek
geformeer het, ja, wat ek ge-
maak het.’[i]
8 “Bring ’n volk uit wat blind
is hoewel daar tog oë is,
en dié wat doof is hoewel hul-
le ore het.[j] 9 Laat al die na-
sies op een plek bymekaarge-
bring word, en laat volksgroepe
versamel word.[k] Wie onder hul-
le kan dit vertel?[l] Of kan hul-
le ons selfs die eerste dinge laat
hoor?[m] Laat hulle hulle getui-
es bring,[n] sodat hulle regverdig
verklaar kan word, of laat hul-
le hoor en sê: ‘Dit is die waar-
heid!’ ”[o]
10 “Julle is my getuies”,[p] sê
Jehovah, “ja, my kneg wat ek
uitverkies het,[q] sodat julle my
kan ken[r] en geloof in my kan
hê,[s] en sodat julle kan verstaan
dat ek dieselfde is.[t] Voor my
is geen God geformeer nie,[u] en
ná my was daar steeds nie een
nie.[v] 11 Ek—ek is Jehovah,[w]
en buiten my is daar geen red-
der nie.”[x]
12 “Ek het verkondig en ge-
red en dit laat hoor,[y] toe daar
geen vreemde god onder julle
was nie.[z] En julle is my getui-
es”,[a] sê Jehovah, “en ek is God.[b]
13 Ook is ek altyd dieselfde;[c] en
daar is niemand wat verlossing
uit my hand bewerkstellig nie.[d]
Ek sal bedrywig raak,[a] en wie
kan dit afwend?”[b]
14 Só het Jehovah gesê, jul-
le Terugkoper,[c] die Heilige van
Israel:[d] “Ter wille van julle sal
ek na Babilon stuur en die gren-
dels van die gevangenisse laat
afkom,[e] asook die Galdeërs in
die skepe met luide gekerm.[f]
15 Ek is Jehovah, julle Heilige,[g]
die Skepper van Israel,[h] julle
Koning.”[i]
16 Só het Jehovah gesê, die
Een wat ’n weg deur die see en
’n pad deur sterk waters maak,[j]
17 die Een wat die strydwa en
die perd, die krygsmag en die
sterkes tegelyk laat uittrek:[k]
“Hulle sal gaan lê.[l] Hulle sal nie
opstaan nie.[m] Hulle sal beslis
uitgeblus word.[n] Soos ’n vlaspit
sal hulle uitgedoof word.”[o]
18 “Moenie aan die eerste
dinge dink nie, en moenie jul-
le aandag op die vorige dinge
rig nie. 19 Kyk! Ek doen iets
nuuts.[p] Nou sal dit uitspruit.
En sal julle dit nie weet nie?[q]
Waarlik, deur die wildernis sal
ek ’n pad maak,[r] deur die woes-
tyn riviere.[s] 20 Die wilde die-
re van die veld sal my ver-
heerlik,[t] die jakkalse en die
volstruise;[u] want ek sal water
selfs in die wildernis gee, ri-
viere in die woestyn,[v] om my
volk, my uitverkorene,[w] te laat
drink, 21 die volk wat ek vir
my geformeer het, sodat hulle
my lof sal verkondig.[x]
22 “Maar jy het my nie aan-
geroep nie, o Jakob,[y] want jy
het moeg geword vir my, o Is-
rael.[z] 23 Jy het nie vir my die

HFST. 43
a De 7:8; Jer 31:3
b Spr 21:18
c Jes 41:10; Jes 44:2; Jer 30:10
d De 30:3; Ps 106:47; Jes 66:20; Ese 36:24; Mi 2:12; Sag 8:7; Ro 11:26
e Jer 3:18
f Jer 31:8
g Jer 33:16
h Eks 19:6; Ps 50:23; 1Pe 2:9
i Ps 95:6; Ps 100:3; Jes 29:23
j Jes 6:9; Jes 42:18
k Jes 41:1
l Jes 44:7; Jes 46:10
m Jes 48:5
n Jes 41:21
o 1Kn 18:24
p Jes 43:12; Jes 44:8; Joh 15:27; Han 1:8; 1Ko 15:15; Op 1:5
q De 4:37; De 10:15; Ps 78:68; Mt 24:45; Ef 1:4; 2Te 2:13
r Jes 41:20; Jer 31:34
s Joh 20:31; Ro 11:20
t Jes 41:4
u Jes 44:6; Jes 45:6; 1Ko 8:4
v Jes 44:8
w De 6:4
x Jes 12:2; Ho 13:4; 1Ti 2:3; Jud 25
y Jes 46:10
z De 32:12; Ps 81:9
a Jes 43:10
b Jes 37:20; Jes 46:9
c Jes 41:4; Op 1:8
d De 32:39; Ps 50:22; Ho 2:10

Tweede kol.
a De 32:4; Ps 64:9; Jes 41:4; Da 4:35
b Job 9:12; Jes 14:27
c Ps 19:14; Jes 44:6; Jes 63:16
d Jes 54:5
e Jes 14:17; Jes 45:2
f Jer 50:10; Op 18:11; g Ps 89:18; Jer 51:5; h Jes 43:1; i De 33:5; Ps 74:12; Jes 33:22; Op 11:17; j Eks 14:16; Jos 3:13; k Eks 15:4; l Ps 76:6; m Jes 14:20; Jer 51:39; n Op 19:20; o Jes 1:31; Jes 42:3; p Jes 42:9; q Jes 40:5; Lu 3:6; r Jes 11:16; Jes 40:3; s De 8:15; Ps 78:16; Jes 41:18; t Ps 148:10; u Jes 34:13; v Jes 41:17; Jer 31:9; Op 22:17; w Ps 33:12; Jes 41:8; Jes 44:1; 1Pe 2:9; x Ps 102:18; Jes 42:12; Jes 60:21; Heb 13:15; y Jes 64:7; z Jer 2:5; Ho 7:10; Mi 6:3.

skape van jou heelbrandoffers
gebring nie, en met jou offeran-
des het jy my nie verheerlik
nie.[a] Ek het jou nie gedwing om
my met ’n gawe te dien nie, en
ook het ek jou nie met wierook
vermoei nie.[b] **24** Vir my het
jy geen soet riet[c] met geld ge-
koop nie; en met die vet van jou
offerandes het jy my nie versa-
dig nie.[d] In werklikheid het jy
my gedwing om te dien weens
jou sondes; jy het my met jou
oortredings vermoei.[e]

**25** “Ek—ek is die Een wat
jou oortredings[f] om my ontwil[g]
uitwis,[h] en aan jou sondes sal
ek nie dink nie.[i] **26** Herinner
my; laat ons saam in die gerig
tree;[j] gee jou eie verslag daar-
van, sodat jy gelyk kan hê.[k]
**27** Jou vader, die eerste een,
het gesondig,[l] en jou woord-
voerders het teen my oortree.[m]
**28** Daarom sal ek die vorste
van die heiligdom ontheilig, en
ek sal Jakob oorlewer as ’n
man wat aan vernietiging oor-
gegee is en Israel aan smadende
woorde.[n]

**44** “En luister nou, o my
kneg Jakob,[o] en jy, o Is-
rael, wat ek uitverkies het.[p]
**2** Só het Jehovah gesê, jou Ma-
ker[q] en jou Formeerder,[r] wat
jou voortdurend van die moe-
derskoot af gehelp het:[s] ‘Moenie
bang wees nie,[t] o my kneg Ja-
kob, en jy, Jesu′run,[u] wat ek uit-
verkies het. **3** Want ek sal wa-
ter op die dorstige uitgiet,[v] en
stroompies op die droë plek.[w]
Ek sal my gees op jou saad uit-
stort,[x] en my seën op jou nako-
melinge. **4** En hulle sal beslis
uitspruit soos tussen die groen
gras,[y] soos populiere[z] by die wa-
tervore. **5** Die een sal sê: “Ek
behoort aan Jehovah.”[a] En die
ander sal homself by die naam
van Jakob noem,[b] en ’n ander
sal op sy hand skryf: “Jehovah
s’n.” En by die naam van Israel
sal nog ’n ander hom noem.’[a]

**6** “Só het Jehovah gesê, die
Koning van Israel[b] en sy Terug-
koper,[c] Jehovah van die leërs:
‘Ek is die eerste en ek is die
laaste,[d] en buiten my is daar
geen God nie.[e] **7** En wie is
daar soos ek?[f] Laat hom dit uit-
roep, sodat hy dit kan vertel en
aan my kan voorlê.[g] Laat hulle
van die tyd af dat ek die volk
van lank gelede gegrond het,[h]
die toekomstige dinge vertel so-
wel as die dinge wat binnekort
sal gebeur. **8** MOENIE in angs
verkeer nie, en moenie verbys-
terd raak nie.[i] Het ek jou dit
nie van daardie tyd af persoon-
lik laat hoor en dit aangekondig
nie?[j] En julle is my getuies.[k] Be-
staan daar ’n God buiten my?[l]
Nee, daar is geen Rots nie.[m] Ek
het geeneen geken nie.’ ”

**9** Die vormers van die ge-
snede beeld is almal ’n onwerk-
likheid,[n] en hulle liefllinge sal
geen voordeel bring nie;[o] en
as hulle getuies sien hulle niks
en weet hulle niks,[p] sodat hul-
le beskaamd staan.[q] **10** Wie
het ’n god gevorm of ’n gego-
te beeld gemaak?[r] Dit het hoe-
genaamd geen voordeel gebring
nie.[s] **11** Kyk! Al sy metgeselle
sal beskaamd staan,[t] en die vak-
manne is uit die mense. Hulle
sal almal bymekaarkom.[u] Hulle
sal stilstaan. Hulle sal in angs
verkeer. Hulle sal terselfdertyd
beskaamd staan.[v]

**12** Wat die ystersmid met
die snywerktuig betref, hy was
daarmee besig by die kole; en
met die hamers vorm hy dit,

**HFST. 43**

a Jes 1:13, Am 5:25, Mal 1:13, Mal 3:8
b Jes 66:3, Am 5:22
c Jer 6:20
d Le 3:16
e Ps 95:10, Jes 1:14, Mal 2:13
f Jes 1:18, Jer 50:20
g Ps 25:7, Ps 79:9, Ese 20:9
h Ps 51:9
i Ps 79:8, Jer 31:34, Heb 10:17
j Job 23:4, Jer 2:29
k Job 40:7, Lu 10:29
l Ge 3:17, Ps 78:8, Ro 5:12
m Jes 28:7, Jer 5:31
n De 28:15, Ps 79:4, Ps 137:3, Lu 21:24

**HFST. 44**

o Jes 41:8, Jer 30:10
p Ge 17:7, Ge 35:11, Ps 105:6, Ro 11:7
q Jes 43:7
r Jes 43:1, Jes 43:21, Jes 44:21, Jes 64:8
s Ps 71:6, Jes 49:1, Jer 1:5
t Jes 41:10
u De 32:15, De 33:5, De 33:26
v Jes 41:17
w Jes 32:2
x Jes 32:15, Han 2:17
y Ps 92:13, Jes 61:11, Han 2:41
z Ps 137:2
a Sag 13:9
b Est 8:17

**Tweede kol.**

a Ga 6:16
b De 33:5, Jes 33:22
c Eks 6:6, Jes 48:17, Jer 50:34
d Jes 41:4, Jes 48:12, Op 22:13
e De 4:35, Jes 43:10, Jes 44:24, Jer 16:20
f Jes 40:18, Jes 46:9

**g** Jes 43:9; Jes 45:21; **h** Ge 17:8; De 32:8; Jes 41:4; Han 17:26; **i** Spr 3:25; Jes 41:10; **j** Ge 15:13; De 28:15; Jes 48:5; **k** Jes 43:10; **l** De 4:39; 1Sa 2:2; **m** De 32:4; 2Sa 22:32; **n** 1Sa 12:21; Ps 97:7; Jes 41:29; **o** Rig 10:14; 1Kn 18:26; 1Ko 8:4; **p** Ps 115:5; Ps 135:17; **q** Ps 97:7; Jer 51:17; **r** Eks 32:4; 1Kn 12:28; **s** Jer 10:5; Han 19:26; **t** 1Sa 5:3; 1Sa 5:7; Jes 1:29; **u** Jes 41:6; **v** Da 3:29.

en hy bly daarmee besig met sy
kragtige arm.[a] Ook het hy hon-
ger geword, en dus sonder krag.
Hy het nie water gedrink nie;
dus word hy moeg.
**13** Wat die houtsnyer betref,
hy het die meetsnoer gespan;
hy trek dit af met rooi kryt; hy
bewerk dit met 'n houtskraper;
en met 'n passer trek hy dit af,
en geleidelik maak hy dit soos
die afbeelding van 'n man,[b] na
die skoonheid van 'n mens, om
in 'n huis te woon.[c]
**14** Daar is een wie se werk
dit is om seders af te kap; en
hy neem 'n sekere soort boom,
ja, 'n groot boom, en hy laat
dit vir hom sterk word onder
die bome van die woud.[d] Hy het
die lourierboom geplant, en die
stortreëns laat dit groot word.
**15** En dit het vir die mens iets
geword om 'n vuur mee aan die
brand te hou. Hy neem dus 'n
deel daarvan om hom warm te
maak. Ja, hy maak 'n vuur en
bak brood. Ook werk hy aan 'n
god waarvoor hy hom kan neer-
buig.[e] Hy het 'n gesnede beeld
daarvan gemaak,[f] en hy werp
hom daarvoor neer. **16** Die
helfte daarvan verbrand hy in
'n vuur. Op die helfte daarvan
braai hy die vleis wat hy eet
goed gaar, en hy word versadig.
Ook maak hy hom warm en sê:
"Ha! Ek het my warm gemaak.
Ek het die vuurgloed gesien."
**17** Maar van die res maak hy 'n
god, sy gesnede beeld. Hy werp
hom daarvoor neer en buig en
bid tot die beeld en sê: "Verlos
my, want u is my god."[g]
**18** Hulle weet niks,[h] en ook
verstaan hulle nie,[i] want hulle
oë is toegesmeer, sodat hulle nie
sien nie,[j] hulle hart, sodat hulle
geen insig het nie.[k] **19** En nie-
mand laat sy hart daaraan dink[l]
of het kennis of verstand[m] om
te sê nie: "Die helfte daarvan
het ek in 'n vuur verbrand,
en op die kole daarvan het ek
ook brood gebak; ek braai vleis
en eet. Maar sal ek van die
res iets verfoeiliks maak?[a] Sal
ek my voor die uitgedroogde
hout van 'n boom neerwerp?"
**20** Hy eet as.[b] Sy misleide hart
het hom op 'n dwaalspoor ge-
bring.[c] En hy verlos nie sy siel
nie, en ook sê hy nie: "Is daar
nie 'n leuen in my regterhand
nie?"[d]
**21** "Dink aan hierdie dinge, o
Jakob,[e] en jy, o Israel, want jy
is my kneg.[f] Ek het jou gefor-
meer.[g] Jy is 'n kneg wat aan
my behoort. O Israel, ek sal jou
nie vergeet nie.[h] **22** Ek sal jou
oortredings uitwis soos met 'n
wolk,[i] en jou sondes soos met 'n
wolkmassa. Keer tog terug tot
my,[j] want ek sal jou terugkoop.[k]
**23** "Roep met vreugde uit,
o hemele,[l] want Jehovah het
opgetree![m] Roep triomfantlik
uit,[n] o diepste dele van die aar-
de![o] Word vrolik, o berge,[p] met
vreugdegeroep, o woud en al die
bome daarin! Want Jehovah het
Jakob teruggekoop, en in Israel
vertoon hy sy luisterrykheid."[q]
**24** Só het Jehovah gesê, jou
Terugkoper[r] en jou Formeerder
van die moederskoot af: "Ek, Je-
hovah, doen alles, ek alleen
span die hemel uit,[s] sprei die
aarde uit.[t] Wie was by my?
**25** Ek verydel die tekens van
leë praatjiesmakers, en dit is Ek
wat waarsêers waansinnig laat
optree;[u] wat wyses agteruit laat
wyk en wat selfs hulle kennis in
dwaasheid verander;[v] **26** wat
die woord van sy kneg laat be-
waarheid word, en wat die raad
van sy boodskappers ten volle
uitvoer;[w] wat van Jerusalem sê:

s Job 26:7; Ps 104:2; Jes 40:22; Jes 45:12; Jes 51:13; t Ge 1:1; Jes 42:5; Jes 48:13; Op 10:6; u Job 12:17; Ho 9:7; v 2Sa 15:31; Jes 29:14; 1Ko 1:19; w Jos 21:45; Jos 23:14; Jes 55:11; Sag 1:6.

**HFST. 44**

a Jes 40:19; Jes 41:7; Jes 46:6
b Eks 20:4; De 4:16; De 4:28; Han 17:29; Ro 1:23
c Ge 31:19; Ge 35:2; De 27:15; Rig 17:4
d Jes 40:20; Jer 10:3
e Eks 20:5; De 5:9; Rig 2:19; 2Kr 25:14; Hab 2:19; Op 9:20
f Le 26:1; Rig 17:3; Rig 18:30; 2Kn 21:7; Na 1:14; Hab 2:18
g Jes 36:19; Jes 37:38; Jes 45:20; Jes 46:7
h Jer 10:14
i Jer 10:8; Ro 1:21
j Jer 5:21
k Ps 81:12; Jes 6:10; Mt 13:15; Ro 1:28
l De 32:46; Ese 40:4; Ho 7:11
m Spr 1:4; Spr 2:9

**Tweede kol.**

a De 7:26; De 27:15; 1Kn 11:5
b Ps 102:9
c Jer 17:9; Ro 1:28; Jak 1:14
d Jer 16:19; Hab 2:18
e De 4:9
f Jes 44:1
g Jes 43:1
h Jes 49:15
i Ps 51:1; Ps 103:12; Jes 1:18; Jes 43:25; Jer 33:8; Han 3:19
j Jer 3:12; Ho 14:1; Han 2:38; Jak 4:8
k Jes 1:27; Jes 48:20; Jes 59:20; 1Ko 6:20
l Ps 69:34; Ps 96:11
m Jes 43:13
n Ps 100:1; Jes 49:13
o Ps 98:4; Jes 41:9; Jes 42:10
p Jes 55:12
q Jes 60:21
r Jes 44:6

‘Dit sal bewoon word’,[a] en van
die stede van Juda: ‘Hulle sal
herbou word,[b] en sy verwoeste
plekke sal ek oprig’;[c] **27** wat
vir die waterdiepte sê: ‘Ver-
damp; en al jou riviere sal
ek laat opdroog’;[d] **28** wat van
Kores[e] sê: ‘Hy is my herder, en
alles wat my behaag, sal hy ten
volle uitvoer’;[f] selfs wat ek van
Jerusalem sê: ‘Dit sal herbou
word’, en van die tempel: ‘Jou
fondament sal gelê word.’ ”[g]

**45** Só het Jehovah vir sy ge-
salfde,[h] vir Kores, gesê,
wie se regterhand ek gevat het[i]
om nasies voor hom te onder-
werp,[j] sodat ek selfs die heupe
van konings kan ontgord; om
voor hom die tweevleueldeure
oop te maak, sodat die poorte
nie gesluit sal wees nie: **2** “Ek
sal voor jou uit gaan,[k] en die
bulte sal ek gelykmaak.[l] Die
koperdeure sal ek verbreek
en die ystergrendels stukkend
slaan.[m] **3** En ek sal jou die
skatte[n] in die duisternis gee en
die verborge skatte in die skuil-
plekke, sodat jy kan weet dat ek
Jehovah is, die Een wat jou by
jou naam roep,[o] die God van Is-
rael. **4** Ter wille van my kneg
Jakob en van Israel, my uitver-
korene,[p] het ek jou by jou naam
geroep; ek het jou ’n erenaam
gegee, hoewel jy my nie geken
het nie.[q] **5** Ek is Jehovah, en
daar is geen ander nie.[r] Buiten
my is daar geen God nie.[s] Ek
sal jou styf omgord, hoewel jy
my nie geken het nie, **6** sodat
mense van die opgang van die
son en van sy ondergang af kan
weet dat daar buiten my geen-
een is nie.[t] Ek is Jehovah, en
daar is geen ander nie.[u] **7** Die
Een wat die lig formeer[v] en
die duisternis skep,[w] wat vrede
maak[x] en rampspoed skep:[y] Ek,
Jehovah, doen al hierdie dinge.[z]

**8** “O hemele, laat dit drup
van bo af;[a] en laat die bewolk-
te lug drup van regverdigheid.[b]
Laat die aarde oopgaan, en laat
dit vrugbaar wees met redding
en terselfdertyd regverdigheid
laat uitspruit.[c] Ek, Jehovah, het
dit geskep.”[d]

**9** Wee hom wat met sy For-
meerder getwis het,[e] soos ’n er-
deskerf met die ander erdesker-
we van die grond! Moet die klei[f]
vir sy vormer sê: “Wat maak
jy?” En jou werk: “Hy het geen
hande nie”? **10** Wee hom wat
vir ’n vader sê: “Waarvan word
u ’n vader?” en vir die vrou:
“Waarvan het u geboortepy-
ne?”[g]

**11** Só het Jehovah gesê, die
Heilige van Israel[h] en sy For-
meerder:[i] “Vra my selfs oor die
toekomstige dinge[j] aangaande
my kinders;[k] en aangaande die
werk[l] van my hande moet jul-
le my bevel gee. **12** Ek het
die aarde gemaak[m] en selfs die
mens daarop geskep.[n] Ek—my
hande het die hemel uitgespan,[o]
en aan die hele leër daarvan het
ek bevel gegee.”[p]

**13** “Ek het iemand in regver-
digheid verwek,[q] en al sy weë
sal ek gelykmaak.[r] Dit is hy wat
my stad sal bou,[s] en dié wat aan
my behoort en in ballingskap is,
sal hy laat gaan,[t] nie vir ’n prys[u]
of vir ’n omkoopgeskenk nie”,
het Jehovah van die leërs gesê.

**14** Só het Jehovah gesê: “Die
onbetaalde arbeiders van Egip-
te[v] en die koopmanne van Etio-
pië en die Sabeërs,[w] lang man-
ne,[x] sal na jou toe oorkom, en
hulle sal joune word.[y] Agter jou

**HFST. 44**
a Ps 147:2
b Jes 60:10
c Jes 61:4
d Ps 74:15; Jes 42:15; Jer 50:38; Op 16:12
e Esr 1:1; Jes 41:25; Jes 45:1; Jes 46:11; Da 10:1
f 2Kr 36:22; Jes 48:14
g 2Kr 36:23; Esr 1:2; Esr 6:3; Jes 45:13

**HFST. 45**
h 1Kn 19:16; Jes 44:28
i Esr 1:1; Ps 73:23; Jes 45:4
j Jes 13:17; Jes 41:25; Jer 51:20
k Jes 13:4
l Jes 40:4
m Ps 107:16
n Jer 50:37
o Esr 1:2; Jes 44:28
p Eks 19:5; Jes 41:8
q Ga 4:8
r De 4:35; 1Kn 8:60; Jes 44:8; Jl 2:27
s De 4:39; De 32:39; 1Ko 8:4
t 1Sa 17:46; Ps 102:15; Jes 37:20; Mal 1:11
u Ps 83:18
v Ge 1:3; Ps 8:3; Jer 31:35; Jak 1:17
w Eks 10:21; Ps 104:20; Am 4:13
x Ps 29:11; Jes 26:12; 2Ko 1:2
y Pr 7:14; Jes 10:6; Jer 18:7; Am 3:6
z 1Sa 2:7

**Tweede kol.**
a Ps 72:6; Ese 34:26
b Ho 10:12; 2Pe 3:13
c Jes 61:11; 1Ko 3:6
d Jes 65:17; Op 21:1
e Ps 2:9; 1Ko 10:22
f Jes 29:16; Jer 18:6; Ro 9:20
g Mal 1:6

**h** Jes 43:3; **i** Jes 43:7; Jes 43:21; **j** Jes 46:10; Jer 33:3; **k** Jes 29:23; Jes 60:21; Jer 3:19; Ho 1:10; Ga 3:29; **l** Ps 111:3; **m** Ge 1:1; Ge 14:19; Ps 102:25; Jes 40:28; Op 10:6; **n** Ge 1:27; Ge 2:7; Ge 5:2; De 4:32; Ps 139:14; Jer 27:5; **o** Jes 44:24; Jer 32:17; Sag 12:1; **p** Ge 2:1; Ne 9:6; **q** Jes 42:6; **r** Heb 1:8; **s** 2Kr 36:23; Esr 1:2; Jes 44:28; **t** Esr 1:3; Jes 14:17; Jes 43:14; Jes 49:25; **u** Jes 13:17; **v** Jes 19:23; **w** Ps 72:10; **x** Jes 18:7; **y** Jes 49:23; Jes 61:5.

sal hulle loop; in boeie[a] sal hul-
le oorkom, en voor jou sal hulle
hulle neerbuig.[b] Tot jou sal hul-
le bid en sê: ‘God is inderdaad
in eenheid met jou,[c] en daar is
geen ander nie; daar is geen an-
der God nie.’ ”[d]
**15** Waarlik, u is ’n God wat u
verborge hou,[e] die God van Is-
rael, ’n Redder.[f] **16** Hulle al-
mal sal beslis beskaamd staan
en ook verneder word. Die ver-
vaardigers van afgodsgestaltes
sal saam in vernedering[g] moet
wandel. **17** Wat Israel betref,
hy sal beslis in eenheid met Je-
hovah gered word[h] met ’n red-
ding vir onbepaalde tye.[i] Julle
sal nie beskaamd staan[j] of ver-
neder word[k] vir die onbepaalde
tye van die ewigheid nie.
**18** Want só het Jehovah ge-
sê, die Skepper van die heme-
le,[l] Hy, die ware God,[m] die For-
meerder van die aarde en die
Maker daarvan,[n] Hy, wat dit
stewig gevestig het,[o] wat dit
nie verniet geskep het nie, wat
dit gevorm het om bewoon te
word:[p] “Ek is Jehovah, en daar
is geen ander nie.[q] **19** Ek het
nie in ’n verborge plek, in ’n
donker plek van die aarde, ge-
spreek nie;[r] ook het ek nie vir
die saad van Jakob gesê: ‘SOEK
my verniet’ nie.[s] Ek is Jeho-
vah, wat spreek wat regverdig
is, wat vertel wat reg is.[t]
**20** “Versamel julle en kom.[u]
Kom almal nader, julle wat uit
die nasies ontkom het.[v] Dié
wat die hout van hulle gesnede
beeld dra, het geen kennis be-
kom nie, ook nie dié wat bid
tot ’n god wat nie kan red nie.[w]
**21** Lê julle verslag en julle aan-
bieding voor.[x] Ja, laat hulle in
eenheid beraadslaag. Wie het
dit van ouds af laat hoor?[y] Wie
het dit van daardie tyd af ver-
tel?[z] Is dit nie ek, Jehovah, bui-
ten wie daar geen ander God
is nie;[a] ’n regverdige God en ’n
Redder,[b] terwyl daar geeneen
buiten my is nie?[c]
**22** “Wend julle tot my en
word gered,[d] almal aan die ein-
des van die aarde; want ek is
God, en daar is geen ander nie.[e]
**23** By myself het ek gesweer[f]
—uit my mond het die woord
in regverdigheid uitgegaan,[g] so-
dat dit nie sal terugkeer nie[h]—
voor my sal elke knie buig,[i] by
my sal elke tong sweer[j] **24** en
sê: ‘Waarlik, in Jehovah is daar
volle regverdigheid en sterk-
te.[k] Almal wat teen hom driftig
raak, sal reguit na hom toe kom
en beskaamd staan.[l] **25** In Je-
hovah sal die hele saad[m] van Is-
rael reg wees[n] en oor hulleself
roem.’ ”[o]

**46** Bel[p] het vooroor gebuig,[q]
Nebo staan krom; hulle
afgode[r] is vragte vir die wilde
diere en vir die mak diere, baga-
sie, ’n vrag vir die moeë diere.
**2** Hulle sal krom staan; hulle
sal almal vooroor buig; hulle
kan eenvoudig nie aan die vrag
ontkoming verskaf nie,[s] maar
hulle siel sal in gevangenskap
gaan.[t]
**3** “Luister na my, o huis van
Jakob, en alle oorblywendes van
die huis van Israel,[u] julle wat
van die moederskoot af deur my
opgeneem is, wat van die moe-
derskoot af gedra is.[v] **4** Selfs
tot die ouderdom toe is ek die-
selfde;[w] en tot die grysheid toe
sal ek julle ondersteun.[x] Ek sal
gewis optree,[y] sodat ek julle
kan dra en sodat ek julle kan on-
dersteun en ontkoming kan ver-
skaf.[z]

**HFST. 45**
a Ps 149:8
b Est 8:17; Jes 14:2; Jes 60:14
c Sag 8:23
d Jes 44:8
e Ps 44:24
f Jes 43:11; Jes 60:16; Tit 1:3
g Ps 97:7; Jes 44:9
h Ho 1:7
i Jes 26:4; Jes 51:6
j Ps 25:3; Jes 29:22; Jl 2:26
k Jes 54:4; Sef 3:11
l Jes 42:5; Jer 10:12
m 2Sa 22:31; 1Ko 8:5
n Ge 14:19; Ps 102:25; Op 10:6
o Job 38:4; Ps 78:69; Ps 104:5; Ps 119:90; Spr 3:19
p Ge 1:28; Ge 9:1; Ps 37:29; Ps 115:16
q 1Kn 8:60; Jes 46:9
r De 30:11; Spr 8:1; Jes 48:16
s Nu 23:20; 1Kr 28:8; 1Ti 4:8
t Ps 111:8; Ps 119:137; Spr 8:6
u Jes 41:5; Op 22:17
v Jes 4:3; Jes 66:20; Jer 50:28
w 1Kn 18:26; Jes 42:17; Jer 50:2
x Jes 41:21
y Jes 41:22
z Jes 43:9

**Tweede kol.**
a Jes 44:8; Mr 12:32
b Jes 43:3
c De 4:39; Jl 2:27
d Ps 65:5; Mi 7:7; Joh 3:16
e De 4:35; 1Kn 8:60; Jes 45:5
f Ge 22:16; Am 6:8; Heb 6:13
g Nu 23:19; Tit 1:2
h Jes 55:11
i Ro 14:11
j De 6:13; Jer 4:2; Jer 12:16

k Ps 29:1; l Op 11:18; m Ga 3:29; n Jes 61:9; o Ps 64:10; 2Ko 10:17; **HFST. 46** p Jer 50:2; Jer 51:44; q 1Sa 5:3; r Jes 2:20; Jes 45:20; Jer 10:5; s Jes 37:12; t Jer 43:12; u Jes 1:9; v Eks 19:4; De 1:31; Jes 44:2; w Jes 41:4; Jes 43:10; x Ps 71:18; Ps 92:14; y Jes 43:13; z Ps 41:1; Ps 116:4.

5 “Met wie sal julle my ver-
gelyk[a] of my gelykstel of teen
wie sal julle my opweeg dat
ons ’n ooreenkoms met mekaar
het jy aanskou. **9** En jy het
na Meleg afgedaal met olie en
jou salwe oorvloedig bly maak.[h]
En jy het aangehou om jou ge-
sante ver weg te stuur, sodat
jy sake tot Sjeool verlaag het.[i]
**10** In die menigte van jou weë
het jy geswoeg.[j] Jy het nie gesê:
'Dit is hopeloos!' nie. Jy het 'n
herlewing van jou krag gevind.[k]
Daarom het jy nie siek geword
nie.[l]

**11** "Vir wie het jy bang en
bevrees geword,[m] sodat jy be-
gin lieg het?[n] Maar aan my het
jy nie gedink nie.[o] Jy het niks
ter harte geneem nie.[p] Het ek
nie stilgebly en sake verborge
gehou nie?[q] Jy het mý dus nie
eens gevrees nie.[r] **12** Ek sal
jou regverdigheid[s] en jou wer-
ke[t] bekend maak, dat hulle jou
geen voordeel sal bring nie.[u]
**13** Wanneer jy om hulp roep,
sal jou versamelde goed jou
nie verlos nie,[v] maar 'n wind
sal hulle almal wegvoer.[w] 'n
Asemstoot sal hulle wegneem,
maar wie sy toevlug tot my
neem,[x] sal die land beërf en sal
my heilige berg in besit neem.[y]
**14** En daar sal beslis gesê word:

**HFST. 56**

a Jer 12:9 Ese 39:17 Op 19:17
b Jes 6:10 Jes 29:10 Mt 15:14
c Jer 6:14 Ese 13:16
d Ese 33:6
e Spr 6:10 Mr 13:36
f Spr 23:2 Hab 2:5
g Han 20:29 2Pe 2:3 2Pe 2:10
h Mi 3:6 Sag 11:16
i Jer 22:27 2Pe 2:15
j Spr 31:4 Jes 5:22 Jes 28:7 Ho 4:11 Mt 24:49
k Ps 10:6

**HFST. 57**

l 1Kn 19:10 Ps 12:1
m 2Kr 36:16 Jes 42:25 Mal 2:2
n Mi 7:2
o 1Kn 14:13 2Kn 22:20
p Lu 2:29
q Job 3:13
r 2Kr 16:14 Jes 14:18 Ese 32:25
s 2Kn 22:19 2Kn 23:25
t Jes 45:20
u 1Sa 28:7
v Ho 1:2 Op 2:20
w Jer 13:27 Ho 4:14
x Ps 22:7
y Jes 1:4 Jes 30:9
z Jes 1:29
a De 12:2 1Kn 14:23 2Kn 16:4
b 2Kn 16:3 Jer 7:31
c Jer 3:9
d Hab 2:19

**Tweede kol.**

a Jer 7:18 Jer 19:13 Jer 44:17
b Jes 66:4 Ese 20:39
c Jer 2:20 Ese 16:16 Ese 23:17
d Ese 20:28
e Ese 8:10 Ese 23:14
f Ese 16:25 Ese 23:18
g Ese 16:33
h Spr 7:17
i Ps 55:15 Spr 7:27

j Jer 9:5; Hab 2:13; k Jer 5:3; l Jer 44:17; m Rig 6:10; n Jes 30:9; Jes 59:3; Ho 11:12; o Jer 9:3; p Jes 42:25; Jes 57:1; q Ps 50:21; r Jes 1:3; Jer 2:32; s Jes 58:2; t Jes 66:3; u Spr 15:29; Jer 7:4; Mi 3:4; v Rig 10:14; Jes 42:17; w Job 21:18; Ps 1:4; x Ps 37:9; Jes 58:9; y Jes 56:7; Jes 66:20; Ese 20:40; Jl 3:17.

‘VUL OP, vul op! Baan die weg.[a]
Verwyder elke hindernis uit die
pad van my volk.’ ”[b]

**15** Want só het die Hoë en
Verhewene,[c] wat tot in ewig-
heid woon[d] en wie se naam hei-
lig is,[e] gesê: “In die hoogte en
in die heilige plek woon ek,[f] as-
ook by die verbryselde en nede-
rige van gees,[g] om die gees van
die nederiges te laat herlewe en
om die hart van die verbrysel-
des te laat herlewe.[h] **16** Want
ek sal nie tot onbepaalde tyd
twis nie, en ook sal ek nie vir
altyd verontwaardig wees nie;[i]
want weens my sou die gees
swak word,[j] ja, die skepsele wat
asemhaal wat ek gemaak het.[k]

**17** “Ek het verontwaardig
geraak oor die verkeerdheid
van sy onregverdige wins[l] en
het hom geslaan terwyl ek my
aangesig verberg het,[m] terwyl
ek verontwaardig was. Maar hy
het soos ’n afvallige[n] in die weg
van sy hart bly wandel. **18** Ek
het sy weë gesien; en ek het
hom begin genees[o] en hom ge-
lei[p] en hom en sy treurendes[q]
met vertroosting vergoed.”[r]

**19** “Ek skep die vrug van
die lippe.[s] Bestendige vrede sal
daar wees vir die een wat ver is
en vir die een wat naby is”,[t] het
Jehovah gesê, “en ek sal hom ge-
nees.”[u]

**20** “Maar die goddeloses is
soos die onstuimige see, wan-
neer dit nie tot bedaring kan
kom nie, waarvan die waters
seegras en modder bly opgooi.
**21** Daar is geen vrede”, het my
God gesê, “vir die goddeloses
nie.”[v]

## 58

“Roep luidkeels uit; moe-
nie terughou nie.[w] Verhef
jou stem soos ’n horing, en ver-
kondig aan my volk hulle op-
standigheid[x] en aan die huis
van Jakob hulle sondes. **2** Tog
het hulle my dag na dag ge-
soek en behae getoon in die ken-
nis van my weë,[a] soos ’n nasie
wat regverdigheid beoefen het
en wat nie die geregtigheid van
hulle God verlaat het nie,[b] deur-
dat hulle my gedurig om regver-
dige oordele gevra het, terwyl
hulle nader gekom het aan God
in wie hulle behae gehad het:[c]

**3** “ ‘Waarom het ons gevas en
het u dit nie gesien nie,[d] en het
ons ons siel gekasty[e] en het u
geen ag daarop geslaan nie?’[f]

“Ja, julle het behae geskep
in die dag van julle gevas, toe
julle al julle arbeiders bly dryf
het om te werk.[g] **4** Ja, om ru-
sie te maak en te stry, het julle
gevas,[h] en om met die vuis van
goddeloosheid te slaan.[i] Het jul-
le nie bly vas soos op die dag
waarop julle julle stem in die
hoogte laat hoor nie? **5** Moet
die vas wat ek verkies, só word,
’n dag vir die mens om sy siel
te kasty?[j] Om sy kop te buig
net soos ’n biesie, en sodat hy
sak en as sou uitsprei as sy
slaapbank?[k] Noem jy dít ’n vas
en ’n dag wat vir Jehovah aan-
neemlik is?[l]

**6** “Is dít nie die vas wat ek
verkies nie? Om die boeie van
goddeloosheid los te maak,[m] om
die stroppe van die juk af te
haal[n] en om die verbryseldes
vry weg te stuur[o] en dat julle
elke juk in twee moet breek?[p]
**7** Is dit nie dat jy jou brood
moet uitdeel aan die een wat
honger is[q] en dat jy die geteis-
terde, daklose mense in jou huis
moet inbring nie?[r] Dat jy, as jy
iemand sien wat naak is, hom
moet bedek[s] en jou vir jou eie
vlees[t] nie moet verberg nie?

**HFST. 57**
a Jes 35:8; Jes 40:3; Jes 62:10
b Jes 26:7; 1Ko 10:32
c Ps 83:18; Ps 97:9; Ps 138:6; Jes 6:1
d Ge 21:33; Ps 90:2; Jes 40:28; 1Ti 1:17
e Eks 15:11; Ps 99:3; Lu 1:49
f 1Kn 8:27; Ps 115:3
g Ps 34:18; Jes 66:2
h Ps 147:3; Jes 61:1
i Ps 103:9; Mi 7:18
j Nu 16:22; Job 34:14; Pr 12:7
k Jes 42:5
l Jer 6:13; Jer 8:10
m Jes 8:17
n Jer 3:14
o Jer 3:22; Jer 33:6; Ho 14:4
p Ps 23:2; Jes 49:10
q Jer 13:17; Klg 1:4
r Jes 12:1; Jes 61:2
s Eks 4:11; Ho 14:2; Lu 21:15; Ro 10:10; Heb 13:15
t Jes 48:18; Lu 2:14; Han 10:36; 2Ko 5:20; Ef 2:17
u Mal 4:2
v Spr 13:9; Jes 3:11

**HFST. 58**
w Ps 40:9
x Jes 1:2; Jes 31:6; Jes 59:13

**Tweede kol.**
a Ps 78:34
b Spr 15:8; Jes 29:13; Ese 33:32; Mt 15:8
c Jes 1:15; Jer 42:2; Jer 42:20
d Sag 7:5; Mal 3:14
e Le 16:29; Ps 35:13
f Spr 15:29; Mi 3:4
g Ne 5:7; Jer 34:9
h Jer 18:12
i 1Kn 21:9

j 2Kr 20:3; Ne 9:1; Est 4:3; k 2Sa 21:10; Jl 1:13; l Spr 15:8; m Ne 5:10; n Jer 34:8; Ese 18:8; o Ne 5:8; Spr 28:27; p Spr 14:21; q Ps 41:1; Ps 112:9; Spr 22:9; Pr 11:1; Ese 18:7; Mt 25:35; r Spr 19:17; Ro 12:13; Heb 13:2; s 2Kr 28:15; Ese 18:7; Mt 25:36; Jak 2:15; 1Jo 3:17; t 2Sa 5:1; Ne 5:5.

**8** “Dan sal jou lig deurbreek
net soos die dagbreek;[a] en ge-
nesing sal gou vir jou uit-
spruit.[b] En jou regverdigheid
sal beslis voor jou uit gaan;[c]
die heerlikheid van Jehovah sal
jou agterhoede wees.[d] **9** Dan
sal jy roep, en Jehovah sal ant-
woord; jy sal om hulp roep,[e] en
hy sal sê: ‘Hier is ek!’

“As jy die juk,[f] die uitsteek
van die vinger[g] en die ska-
delike woorde[h] uit jou verwy-
der, **10** en jy jou sielsbegeerte
skenk aan die een wat honger
is,[i] en jy die geteisterde siel ver-
sadig, dan sal jou lig beslis stra-
lend opgaan in die duisternis,
en jou donkerheid sal soos die
middag wees.[j] **11** En Jehovah
sal jou sekerlik voortdurend[k]
lei[l] en jou siel selfs in ’n ver-
skroeide land versadig,[m] en hy
sal jou gebeente krag gee;[n] en jy
moet word soos ’n tuin wat goed
natgelei word,[o] en soos die wa-
terbron waarvan die waters nie
lieg nie. **12** En op jou aan-
drang sal mense beslis die plek-
ke opbou wat al lank woes lê;[p]
jy sal selfs die fondamente van
opeenvolgende geslagte oprig.[q]
En jy sal die heelmaker van
die gaping[r] genoem word, die
hersteller van paaie waarlangs
mense kan woon.

**13** “As jy met die oog op die
sabbat jou voet daarvan terug-
hou om op my heilige dag te
doen wat jou behaag,[s] en die
sabbat ’n verlustiging noem, ’n
heilige dag van Jehovah, een
wat verheerlik word,[t] en dit
verheerlik eerder as om jou eie
weë te volg, eerder as om te
vind wat jou behaag en ’n woord
te spreek, **14** dan sal jy jou
in Jehovah verlustig,[u] en ek sal
jou op die hoogtes van die aar-
de laat ry;[v] en ek sal jou van die
erfbesitting van jou voorvader
Jakob laat eet,[a] want die mond
van Jehovah het dit gespreek.”[b]

**59** Kyk! Die hand van Jeho-
vah het nie te kort ge-
word om te red nie,[c] en ook het
sy oor nie te swaar geword om
te hoor nie.[d] **2** Nee, maar dit
is julle oortredings wat ’n skei-
ding tussen julle en julle God
veroorsaak het,[e] en julle sondes
het veroorsaak dat sy aangesig
vir julle verberg is, sodat hy nie
hoor nie.[f] **3** Want julle palms
is met bloed besoedel[g] en julle
vingers met oortreding. Julle
lippe het leuens gespreek.[h] Jul-
le tong het gedurig onregver-
digheid gemompel.[i] **4** Daar is
niemand wat in regverdigheid
roep nie,[j] en hoegenaamd nie-
mand het in getrouheid hof toe
gegaan nie. Hulle het op on-
werklikheid vertrou[k] en waar-
deloosheid gespreek.[l] Hulle het
swanger geword van moeilik-
heid en gebaar wat skadelik is.[m]

**5** Die eiers van ’n giftige
slang het hulle uitgebroei, en
hulle het ’n spinnerak bly weef.[n]
Enigiemand wat van hulle eiers
eet, sal sterf, en uit die eier
wat stukkend gedruk is, sal ’n
adder kom.[o] **6** Hulle spinne-
rak sal nie as ’n kleed dien
nie, en ook sal hulle hulle nie
met hulle werke bedek nie.[p]
Hulle werke is skadelike wer-
ke, en gewelddadigheid is in hul-
le palms.[q] **7** Hulle voete bly
na pure slegtheid hardloop,[r] en
hulle is haastig om onskuldige
bloed te vergiet.[s] Hulle gedag-
tes is skadelike gedagtes;[t] plun-
dering en verbreking is op hul-
le grootpaaie.[u] **8** Die weg van
vrede[v] het hulle geïgnoreer, en
daar is geen geregtigheid in

**HFST. 58**
a Ps 37:6, Ps 112:4, Spr 4:18
b Jes 57:18
c Ps 85:13, Han 10:35
d Eks 14:19, Jes 52:12
e Ps 34:15, Ps 116:1, Jer 29:12
f Jes 58:6
g Spr 6:13, Jes 57:4
h Ps 12:2, Jes 32:6, Jes 59:3
i De 15:7, Ps 41:1, Spr 28:27
j Ps 37:6, Jes 58:8
k Ps 48:14, Jes 49:10
l Ps 25:9, Ps 73:24
m Ps 33:19, Ps 37:19, Jes 33:16, Ho 13:5
n Spr 3:8
o Jes 61:11, Jer 31:12
p Ne 2:5, Jer 31:38, Am 9:14
q Jes 61:4
r Ne 6:1, Am 9:11
s Ne 13:15, Jes 56:2, Jer 17:21
t De 5:12
u Ps 36:7, Ps 37:4, Hab 3:18
v De 32:13, Jes 33:16, Hab 3:19

**Tweede kol.**
a Ps 105:11, Ps 135:12, Jer 3:18
b Jes 40:5

**HFST. 59**
c Ge 18:14, Nu 11:23, Jes 50:2
d Ps 55:1, Ps 71:2, Ps 116:1
e Spr 15:29, Jes 50:1, Jer 5:25
f De 31:17, De 32:20, Jes 57:17, Ese 39:23, Mi 3:4
g Jes 1:15, Jer 2:34, Ese 7:23, Han 7:52
h Jer 7:9, Ese 13:8
i Ho 7:2, Mi 6:12

**j** Jer 5:1; Ese 22:30; Mi 7:2; **k** Ps 62:10; Jes 30:12; **l** Ps 62:4; **m** Spr 4:16; Mi 2:1; Jak 1:15; **n** Job 8:14; **o** Mt 3:7; Mt 12:34; Mt 23:33; **p** Jes 57:12; Jes 64:6; Op 3:17; **q** Jer 6:7; Am 3:10; Mi 6:12; **r** Spr 1:16; Ro 3:15; **s** Jer 22:17; Ese 9:9; Mt 23:35; **t** Spr 15:26; **u** Ps 58:2; Ro 3:16; **v** Spr 3:17; Lu 1:79.

hulle spore nie.[a] Hulle het hulle
paaie vir hulle krom gemaak.[b]
Niemand wat daarop loop, sal
vrede ken nie.[c]
**9** Daarom is geregtigheid ver
van ons af en haal regverdig-
heid ons nie in nie. Ons bly hoop
op lig, maar kyk! duisternis; op
ligglans, maar in voortdurende
donkerheid het ons bly wandel.[d]
**10** Ons bly rondtas na die muur
net soos blindes, en soos dié wat
geen oë het nie, bly ons rond-
tas.[e] Ons het op die middaguur
gestruikel net soos in die aand-
skemering; onder dié wat fris is,
is ons net soos dooies.[f] **11** Ons
kreun almal aanhoudend net
soos bere; en soos duiwe bly ons
droewig koer.[g] Ons het op ge-
regtigheid bly hoop,[h] maar dit
was nie daar nie; op redding,
maar dit het ver van ons af
gebly.[i] **12** Want ons opstandi-
ge dade het baie geword voor u;[j]
en wat ons sondes betref, elkeen
daarvan het teen ons getuig.[k]
Want ons opstandige dade is
by ons; en wat ons oortredings
betref, ons ken hulle goed.[l]
**13** Daar was oortreding en ’n
verloëning van Jehovah;[m] en
daar was ’n terugwyking van
ons God, woorde van verdruk-
king en opstand,[n] die uitdink
en gemompel van leuenagtige
woorde uit die hart.[o] **14** En
geregtigheid is teruggedring,[p]
en regverdigheid het eenvoudig
ver weg bly staan.[q] Want die
waarheid het selfs op die open-
bare plein gestruikel, en wat reg
is, kan nie inkom nie.[r] **15** En
die waarheid ontbreek,[s] en elk-
een wat van die kwaad afwyk,
word geplunder.[t]

En Jehovah het dit gesien, en
dit was sleg in sy oë dat daar
geen geregtigheid was nie.[u]
**16** En toe hy sien dat daar nie-
mand was nie, was hy verbaas
dat niemand tussenbeide tree
nie.[a] En sy arm het namens hom
gered, en sy regverdigheid het
hom ondersteun.[b] **17** Toe het
hy regverdigheid soos ’n pant-
ser aangetrek,[c] en die helm van
redding was op sy kop.[d] Verder
het hy die klere van wraak as
kleding aangetrek[e] en hom met
ywer omhul asof dit ’n moulo-
se oorkleed is.[f] **18** Volgens die
dade sal hy dienooreenkomstig
vergeld:[g] woede aan sy teen-
standers, die verdiende behan-
deling aan sy vyande.[h] Aan die
eilande sal hy die verdiende be-
handeling vergeld.[i] **19** En van
die sonsondergang af sal hulle
die naam van Jehovah begin
vrees,[j] en van die sonsopgang
af sy heerlikheid,[k] want hy sal
kom soos ’n angswekkende ri-
vier, wat deur die gees van Je-
hovah voortgedryf is.[l]
**20** “En die Terugkoper[m] sal
beslis na Sion[n] kom, en na dié
wat hulle in Jakob van oortre-
ding afkeer”,[o] is die woord van
Jehovah.
**21** “En wat my betref, dit is
my verbond met hulle”,[p] het Je-
hovah gesê.

“My gees wat op jou is[q] en
my woorde wat ek in jou mond
gelê het[r]—hulle sal nie wegge-
neem word uit jou mond of uit
die mond van jou nageslag of uit
die mond van die nageslag van
jou nageslag nie”, het Jehovah
gesê, “van nou af selfs tot onbe-
paalde tyd.”[s]

**60** “Staan op,[t] o vrou, ver-
sprei lig,[u] want jou lig
het gekom[v] en die heerlikheid
van Jehovah het oor jou ge-
skyn.[w] **2** Want kyk! duister-
nis[x] sal die aarde oordek, en
dik donkerheid die volksgroepe;

**HFST. 59**
a Jes 5:7; Jer 5:1
b Jes 59:15; Am 6:12; Hab 1:4
c Jes 48:22; Jer 8:15
d Jes 5:30; Jes 8:22
e De 28:29; Spr 4:19; 1Jo 2:11
f Klg 3:6
g Jes 38:14
h Jes 59:8
i Ps 85:9; Ps 119:155
j Jes 1:5; Ese 5:6; 1Te 2:15
k Jer 14:7; Ho 5:5
l Esr 9:13; Ne 9:33; Da 9:5
m Ps 78:36; Jes 32:6
n Jes 31:6; Jer 17:13; Heb 3:12
o Jer 5:23; Mt 12:34
p Ps 82:2; Hab 1:4
q Pr 3:16; Jes 5:23
r Ps 12:2
s Jes 48:1; Ho 4:1
t Ps 17:9; Am 4:1
u Mi 3:2

**Tweede kol.**
a Ps 106:23; Ese 22:30
b Ps 98:1; Jer 32:17
c Job 29:14; Jes 11:5
d Ef 6:17; 1Te 5:8
e De 32:35; Ps 94:1; Heb 10:30
f Job 29:14
g Job 34:11; Ps 18:24; Ps 62:12; Jer 17:10; Mt 16:27; Ro 2:6
h Ps 21:9; Jes 1:24; Klg 4:11; Ese 5:13; Lu 19:27
i Jes 41:1; Jes 41:5
j Ps 22:27; Ps 102:15
k Jes 49:12; Mal 1:11
l Jes 30:28; Sag 4:6
m Jes 48:17
n Jes 62:11
o De 30:3; Ro 11:26

p Jes 49:8; Jer 31:33; Ro 11:27; Heb 8:6; q Jes 11:2; Joh 1:33; r Jes 51:16; Jer 31:34; Joh 7:16; s Jes 66:22; **HFST. 60** t Jes 51:17; Jes 52:1; Jes 58:1; u Jes 42:6; Mt 5:16; Ef 5:8; Flp 2:15; v Jes 9:2; Lu 1:79; Joh 1:9; w Jes 60:19; Mal 4:2; Lu 2:32; 1Pe 4:14; Op 22:5; x Han 26:18; Ro 1:21; 1Pe 2:9.

maar oor jou sal Jehovah skyn,
en oor jou sal sy heerlikheid ge-
sien word.[a] 3 En nasies sal be-
slis na jou lig kom,[b] en konings[c]
na die glans van jou skynsel.[d]

4 “Slaan jou oë rondom op en
kyk! Hulle is almal bymekaar-
gebring;[e] hulle het na jou toe
gekom.[f] Van ver af bly jou seuns
kom en jou dogters wat op
die heup versorg sal word.[g]
5 Dan sal jy dit sien en beslis
straal,[h] en jou hart sal bewe en
verruim word, want die skat-
te van die see sal hom tot jou
wend; die rykdom van die na-
sies sal na jou toe kom.[i] 6 Die
deinende massa kamele sal jou
oordek, die jong kameelbul-
le van Mi′dian en van Efa.[j] Al-
mal uit Skeba[k]—hulle sal kom.
Goud en wierook sal hulle aan-
dra. En die lofprysinge van
Jehovah sal hulle verkondig.[l]
7 Al die kuddes van Kedar[m]
—hulle sal by jou bymekaarge-
bring word. Die ramme van Ne′-
bajot[n]—hulle sal jou dien.[o] Met
goedkeuring sal hulle op my al-
taar kom,[p] en ek sal my luister-
ryke huis versier.[q]

8 “Wie is dit wat aangevlieg
kom soos ’n wolk,[r] en soos dui-
we na die openinge van hul-
le voëlhuis? 9 Want op my sal
die eilande bly hoop,[s] asook die
skepe van Tarsis[t] soos eers, om
jou seuns van ver af te bring,[u]
hulle silwer en hulle goud saam
met hulle,[v] vir die naam[w] van
Jehovah jou God en vir die Heili-
ge van Israel,[x] omdat hy jou ver-
sier het.[y] 10 En uitlanders sal
jou mure bou,[z] en hulle konings
sal jou dien;[a] want in my veront-
waardiging het ek jou geslaan,[b]
maar in my welwillendheid sal
ek jou beslis barmhartig wees.[c]

11 “En jou poorte sal voort-
durend oopgehou word;[d] hulle
sal nie bedags of snags toege-
maak word nie, sodat die ryk-
dom van die nasies na jou toe
gebring kan word,[a] en hulle ko-
nings sal die leiding neem.[b]
12 Want elke nasie en elke ko-
ninkryk wat jou nie sal dien
nie, sal vergaan; en die nasies
sal vir seker verwoes word.[c]

13 “Die heerlikheid van die
Li′banon sal na jou toe kom, die
jenewerboom, die esseboom en
die sipres tegelyk,[d] om die plek
van my heiligdom te versier;[e]
en ek sal die plek van my voete
verheerlik.[f]

14 “En die seuns van dié wat
jou verdruk, moet neergeboë
na jou toe kom;[g] en almal wat
jou met minagting behandel,
moet hulle by jou voetsole neer-
buig,[h] en hulle sal jou die stad
van Jehovah, Sion[i] van die Hei-
lige van Israel, moet noem.

15 “In plaas daarvan dat jy
heeltemal verlate is en gehaat
word, sonder dat iemand daar
deurtrek,[j] sal ek jou ’n trots
tot onbepaalde tyd maak, ’n
vreugde van geslag tot geslag.[k]
16 En jy sal die melk van na-
sies suig,[l] en aan die bors van
konings sal jy suig;[m] en jy sal
vir seker weet dat ek, Jehovah,[n]
jou Redder[o] is en dat die Mag-
tige[p] van Jakob jou Terugko-
per[q] is. 17 In die plek van die
koper sal ek goud[r] bring, en in
die plek van die yster sal ek sil-
wer bring, en in die plek van die
hout koper, en in die plek van
die klippe yster; en ek sal vrede
as jou opsieners aanstel[s] en reg-
verdigheid as jou taakgewers.[t]

18 “Van geweld sal daar nie
meer in jou land gehoor word
nie, van geen plundering en

HFST. 60

a 2Ko 3:18
b Ge 49:10; Jes 11:10
c Ps 2:10; Jes 49:23
d Op 21:24
e Jes 49:18
f Jes 49:21; Hag 2:7; Joh 10:16; Op 7:13
g Jes 49:22
h Jer 33:9
i Jes 54:2; Jes 61:6; Hag 2:7; Hag 2:8
j 1Kr 1:33
k 2Kr 9:1
l Mal 1:11; Ro 15:9; Op 19:6
m Jes 42:11
n Ge 25:13
o Eks 29:39; Le 5:15; Le 9:2; Nu 6:14
p Jes 56:7; Heb 13:10
q Hag 2:9
r Op 7:9
s Jes 51:5; Ro 15:12
t 1Kn 10:22
u Jes 60:4; Jes 66:20
v Sag 14:14
w 1Kn 8:41; Ps 72:19
x Jes 48:17
y Ps 149:4; Jes 52:1; Jes 55:5; Lu 2:32
z Ne 3:26
a Esr 7:27; Ne 2:7; Jes 49:23; Op 21:24
b Jes 57:17
c De 30:3; 1Kn 11:39; Ps 30:5; Jes 12:1; Jes 54:7
d Op 21:25

Tweede kol.

a Jes 60:5
b Jes 60:3
c Ps 2:12; Jes 41:11; Da 2:44; Lu 19:27; Op 2:27
d Jes 35:2; Jes 41:19; Jes 55:13
e Ps 96:6
f Ps 99:5; Ps 132:7
g Jes 14:2; Jes 45:14; Jer 16:19
h Op 3:9
i Ps 48:2; Ps 87:3; Jes 62:12; Heb 12:22
j 2Kr 36:17; Jes 49:14; Jer 30:17; Jer 33:10; Klg 1:4; Ga 4:27; k Jes 35:10; Jes 61:7; Jer 33:11; l Jes 61:6; Jes 66:11; m Jes 49:23; n Ese 34:30; o Jes 43:3; p Ps 46:11; Ps 132:2; Jes 30:29; Jes 49:26; q Jes 41:14; r 1Kn 10:21; Op 21:18; s Jes 32:1; 1Pe 5:2; t Jes 1:26.

verbreking binne jou grense
nie.[a] En jy sal beslis jou mure
Redding[b] noem en jou poorte
Lof. **19** Vir jou sal die son nie
meer bedags ’n lig wees nie, en
as glans sal die maan nie meer
vir jou lig gee nie. En Jehovah
moet vir jou ’n lig word wat tot
onbepaalde tyd bestaan,[c] en jou
God jou prag.[d] **20** Jou son sal
nie meer ondergaan nie, en ook
sal jou maan nie afneem nie;
want Jehovah sal vir jou ’n lig
word wat tot onbepaalde tyd be-
staan,[e] en die dae van jou rou
sal voltooi wees.[f] **21** En wat
jou volk betref, hulle sal almal
regverdig wees;[g] tot onbepaal-
de tyd sal hulle die land besit,[h]
die spruit wat deur my geplant
is,[i] die werk van my hande,[j]
om prag aan my te verleen.[k]
**22** Die kleine sal ’n duisend
word, en die geringe ’n magtige
nasie.[l] Ek, Jehovah, sal dit op
die regte tyd bespoedig.”[m]

**61** Die gees van die Soewe-
reine Heer Jehovah is op
my,[n] omdat Jehovah my gesalf
het[o] om goeie nuus aan die sag-
moediges te verkondig.[p] Hy het
my gestuur om die gebrokenes
van hart te verbind,[q] om uit
te roep dat dié wat gevange
geneem is,[r] vrygelaat sal word
en dat die oë van die gevange-
nes wyd oopgemaak sal word;[s]
**2** om die jaar van die welwil-
lendheid van Jehovah[t] en die
dag van die wraak van ons God[u]
uit te roep; om al die treurendes
te vertroos;[v] **3** om aan dié wat
oor Sion treur, toe te wys, om
aan hulle te gee ’n hooftooisel
in plaas van as,[w] vreugdeolie[x]
in plaas van rou, die mantel van
lof in plaas van die mismoedi-
ge gees;[y] en hulle moet groot
bome van regverdigheid[z] ge-
noem word, wat deur Jehovah
geplant is,[a] sodat prag aan hom
verleen kan word.[a] **4** En hul-
le moet die plekke herbou wat
al lank woes lê;[b] hulle sal selfs
die verlate plekke van vroeër
tye oprig,[c] en hulle sal beslis die
verwoeste stede nuut maak,[d]
die plekke wat van geslag tot
geslag verlate was.

**5** “En vreemdelinge sal
staan en julle kuddes oppas,[e]
en die uitlanders[f] sal julle land-
bouers en julle wingerdarbei-
ders wees.[g] **6** En wat julle be-
tref, julle sal die priesters van
Jehovah genoem word;[h] die die-
naars[i] van ons God sal jul-
le genoem word.[j] Die rykdom
van die nasies sal julle eet,[k]
en in hulle heerlikheid sal jul-
le uitgelate oor julleself praat.[l]
**7** In plaas van julle skaamte
sal daar ’n dubbele deel[m] wees,
en in plaas van vernedering
sal hulle met vreugde uitroep
oor hulle deel.[n] Daarom sal
hulle in hulle land ’n dubbe-
le deel in besit neem.[o] Hulle
sal blydskap tot onbepaalde tyd
geniet.[p] **8** Want ek, Jehovah,
het geregtigheid lief;[q] ek haat
roof tesame met onregverdig-
heid.[r] En ek sal hulle loon in
waaragtigheid gee,[s] en ’n ver-
bond wat tot onbepaalde tyd
duur, sal ek met hulle sluit.[t]
**9** En hulle nageslag sal bekend
wees onder die nasies,[u] en hul-
le nakomelinge onder die volke.
Almal wat hulle sien, sal hulle
herken,[v] dat hulle die nageslag
is wat deur Jehovah geseën is.”[w]

**10** Ek sal my vir seker in Je-
hovah verheug.[x] My siel sal bly
wees in my God.[y] Want hy het

**HFST. 60**

a Jes 2:4; Jes 11:9; Jes 54:14; Sag 9:8
b Jes 26:1; 1Ko 3:17; Op 19:1
c Ps 36:9; Jes 60:1; Op 21:23; Op 22:5
d Ps 62:7; Ps 71:8; Sag 2:5; Lu 2:32
e Ps 27:1; Ps 84:11; Jak 1:17
f Jes 25:8; Jes 30:19; Jes 35:10; Op 21:4
g Jes 32:16; 2Pe 3:13
h Ps 37:11; Ps 37:29; Mt 5:5; Op 21:7
i Ps 92:13; Mt 15:13
j Jes 29:23; Jes 43:7; Ef 2:10
k Jes 43:21; Jes 44:23
l Da 2:35; Op 7:9
m Jes 5:19; Hab 2:3

**HFST. 61**

n Jes 42:1; Mt 3:16; Lu 4:18
o Ps 2:2; Han 10:38
p Ps 22:26; Ps 34:2; Mt 11:5
q Ps 147:3; 2Ko 7:6
r Ps 102:20; Jer 34:8; Ro 8:21; Ga 4:25; Heb 2:15
s Lu 4:18; Lu 7:22; Han 26:18
t Le 25:10; Lu 4:19; 2Ko 6:2
u Jes 34:8; Han 17:31
v Jes 25:8; Mt 5:4; Lu 6:21
w Est 9:22; Ps 30:11
x Ps 45:7
y Sag 3:4
z Ps 92:12; Mt 7:17
a Jes 60:21

**Tweede kol.**

a Joh 15:8; 1Ko 6:20
b Jes 49:8; Jes 51:3; Op 11:2
c Jes 44:26; Jes 58:12; d Ese 36:33; e Jes 14:1; f Jes 60:10; g Mt 25:34; Op 7:15; h Eks 19:6; 1Pe 2:9; Op 20:6; i Mt 24:45; Han 13:2; Heb 10:11; j 2Ko 6:4; k Jes 23:18; Jes 60:5; Jes 60:7; l Hag 2:7; m De 21:17; 2Kn 2:9; n Job 42:10; o Sag 9:12; p Ps 16:11; Jes 35:10; q De 32:4; Ps 33:5; Ps 37:28; r Spr 6:16; Jer 7:9; Sag 8:17; Mal 3:8; s Rut 2:12; Ps 117:2; Sag 8:8; t 2Sa 23:5; Jes 55:3; Jer 32:40; Heb 13:20; u Ge 22:18; Sag 8:13; v Jes 60:4; w Ps 115:15; Jes 65:23; x 1Sa 2:1; Ro 5:11; y Jes 25:9; Jes 65:13; Lu 1:46.

my met die klere van redding
beklee;[a] met die moulose oor-
kleed van regverdigheid het hy
my omhul,[b] soos die bruidegom
wat, op priesterlike wyse, ’n
hooftooisel ombind,[c] en soos die
bruid wat haar met sierade ver-
sier.[d] **11** Want soos die aar-
de sy uitspruitsel voortbring, en
soos die tuin laat uitspruit wat
daarin gesaai is,[e] so sal die Soe-
wereine Heer Jehovah regver-
digheid[f] en lof voor al die nasies
laat uitspruit.[g]

**62** Ter wille van Sion sal ek
nie stilbly nie,[h] en ter wil-
le van Jerusalem[i] sal ek nie stil
wees nie, totdat sy regverdig-
heid uitbreek net soos die lig-
glans,[j] en sy redding soos ’n
brandende fakkel.[k]

**2** “En die nasies sal beslis jou
regverdigheid sien[l], o vrou,[m] en
al die konings jou heerlikheid.[n]
En jy sal by ’n nuwe naam ge-
noem word,[o] wat die mond van
Jehovah sal aandui. **3** En jy
moet ’n pragtige kroon in die
hand van Jehovah word,[p] en ’n
koninklike tulband in die palm
van jou God. **4** Daar sal nie
meer van jou gesê word dat jy ’n
heeltemal verlate vrou is nie;[q]
en daar sal nie meer van jou
land gesê word dat dit ’n woes-
teny is nie;[r] maar jy sal genoem
word: My welbehae is in haar,[s]
en jou land: Besit as ’n vrou.
Want Jehovah sal ’n welbehae
in jou hê, en jou land sal as ’n
vrou besit word.[t] **5** Want net
soos ’n jong man ’n maagd as
sy vrou in besit neem, sal jou
kinders jou as ’n vrou in besit
neem.[u] En met die vreugde van
’n bruidegom oor ’n bruid[v] sal
jou God hom oor jou verheug.[w]
**6** Op jou mure, o Jerusalem, het
ek wagte aangestel.[x] Laat hul-
le die hele dag en die hele nag,
voortdurend, nie stilbly nie.[y]

“Julle wat van Jehovah mel-
ding maak,[a] laat daar geen stil-
swye van julle kant wees nie,[b]
**7** en moenie voor hom swyg
nie, totdat hy Jerusalem stewig
vestig, ja, totdat hy dit tot ’n lof
op die aarde maak.”[c]

**8** Jehovah het met sy regter-
hand[d] en met sy sterk arm[e] ge-
sweer: “Ek sal jou graan nie
meer as voedsel aan jou vyande
gee nie,[f] en ook sal uitlanders
nie jou nuwe wyn drink[g] waar-
voor jy geswoeg het nie.
**9** Maar dié wat dit insamel, sal
dit eet, en hulle sal Jehovah vir
seker loof; en dié wat dit byme-
kaarmaak, sal dit in my heilige
voorhowe drink.”[h]

**10** GAAN UIT, gaan uit deur
die poorte. Baan die weg van
die volk.[i] Vul op, vul die groot-
pad op. Verwyder die klippe.[j]
Rig ’n baken op vir die volke.[k]

**11** Kyk! Jehovah het dit tot
die verste deel van die aarde
laat hoor:[l] “SÊ vir die dogter
van Sion:[m] ‘Kyk! Jou redding
kom.[n] Kyk! Die beloning wat hy
gee, is by hom,[o] en die loon wat
hy betaal, gaan voor hom uit.’ ”[p]

**12** En die mense sal hulle be-
slis die heilige volk noem,[q] dié
wat deur Jehovah teruggekoop
is;[r] en jy sal genoem word: Ge-
soekte, ’n Stad wat nie heelte-
mal verlaat is nie.[s]

**63** Wie is dit wat daar uit
Edom[t] kom, met klere in
gloeiende kleure uit Bosra,[u] die
een wat eervol in sy kleredrag
is, wat in die oorvloed van sy
krag optrek?

“Ek, die Een wat in reg-
verdigheid spreek,[v] die Een
wat oorvloedig in reddingskrag
is.”[w]

**HFST. 61**
a Ps 132:16; Jes 52:1; Op 21:2
b Job 29:14; Ps 132:9
c Eks 28:39; Jes 61:3
d Ps 45:13; Jes 49:18; Op 19:7
e Jes 55:10; Jes 58:11
f Ps 85:11; Jes 45:8; Jes 62:1
g Jes 60:18; Jes 62:7; 1Pe 2:9

**HFST. 62**
h Ps 102:13; Jes 43:13
i Ps 137:6; Sag 2:12
j Spr 4:18; Jes 1:26
k Ps 98:2; Jes 51:5
l Jes 48:14; Jes 54:14; Joh 16:8
m Jes 54:1; Jes 60:1
n Ps 72:10; Jes 49:23; Jes 60:11
o Jes 65:15; Jer 33:16
p Ps 48:2; Ps 50:2; Sag 9:16; 1Te 2:19
q Jes 54:6
r Jes 32:14; Jes 49:14
s Ps 149:4; Jer 32:41; Sef 3:17
t Jer 3:14; Ho 2:19
u Jer 3:14
v Hgl 3:11
w Jes 65:19; Jer 32:41
x 2Kr 8:14; Jes 52:8; 1Ko 12:28; Ef 4:11
y Ps 134:1

**Tweede kol.**
a Ps 134:2; Han 10:4
b 1Te 5:17
c Jes 61:11; Jer 33:9; Sef 3:19
d De 32:40; Ese 20:5
e Jes 40:10
f De 28:33
g De 28:51; Jer 5:17
h De 14:23; Jes 65:21
i Jes 40:3; Jes 48:20
j Jes 57:14

k Esr 1:3; Jes 11:12; Jes 18:3; Jes 49:22; l Ps 98:2; m Jes 40:9; n Sag 9:9; Mt 21:5; Joh 12:15; o Jes 40:10; Jes 49:4; p 1Ko 15:58; Op 22:12; q De 26:19; 1Pe 1:15; r Ps 107:2; Jes 35:9; s 1Kn 11:39; Jes 54:7; **HFST. 63** t Ps 137:7; Jes 34:5; u Am 1:12; v Jes 45:19; Jes 45:24; w Jes 25:9; Jes 49:26.

**2** Waarom is u kleredrag rooi
en u klere soos dié van iemand
wat die wynpers trap?[a]
**3** “Die wyntrog het ek alleen
getrap,[b] terwyl daar niemand
uit die volke by my was nie.
En ek het hulle bly trap in my
toorn,[c] en ek het hulle bly ver-
trap in my woede.[d] En hulle
spuitende bloed het op my klere
bly spat,[e] en al my klere het ek
besoedel. **4** Want die dag van
wraak is in my hart,[f] en die jaar
van my teruggekooptes het ge-
kom. **5** En ek het bly kyk,
maar daar was geen helper nie;
en ek was verbaas, maar daar
was niemand wat steun gebied
het nie.[g] Daarom het my arm
aan my redding verskaf,[h] en
my woede[i] het my ondersteun.
**6** En ek het volke bly vertrap
in my toorn, en ek het hulle
dronk gemaak met my woede[j]
en hulle spuitende bloed op die
aarde laat afloop.”[k]
**7** Die liefderyke goedhartig-
hede van Jehovah sal ek ver-
meld,[l] die lofprysinge van Je-
hovah, ooreenkomstig alles wat
Jehovah aan ons bewys het,[m]
ja, die oorvloedige goedheid
teenoor die huis van Israel[n] wat
hy aan hulle bewys het ooreen-
komstig sy barmhartighede[o]
en ooreenkomstig die oor-
vloed van sy liefderyke goed-
hartighede. **8** En hy het ge-
sê: “Waarlik, hulle is my volk,[p]
kinders wat nie ontrou sal wees
nie.”[q] Daarom het hy vir hul-
le ’n Redder geword.[r] **9** In al
hulle benoudheid het dit vir
hom benoudheid veroorsaak.[s]
En sy persoonlike boodskapper
het hulle gered.[t] Deur sy liefde
en deur sy medelye het hy hul-
le teruggekoop,[u] en hy het hul-
le opgetel en hulle gedra, al die
dae van die ou tyd.[v]

**10** Maar hulle het in opstand
gekom[a] en sy heilige gees ge-
krenk.[b] Hy het toe in hulle vy-
and[c] verander; hy het teen hul-
le oorlog gevoer.[d] **11** En daar
is aan die dae van lank gele-
de gedink, aan sy kneg Moses:
“Waar is die Een wat hulle uit
die see laat optrek[e] het saam
met die herders van sy kudde?[f]
Waar is die Een wat Sy hei-
lige gees in hom geplaas het?[g]
**12** Die Een wat Sy pragtige
arm[h] aan die regterhand van
Moses laat gaan het; die Een
wat die waters voor hulle uit ge-
kloof het[i] om vir hom ’n naam
te maak wat tot onbepaalde
tyd duur;[j] **13** die Een wat hul-
le deur die bruisende waters
laat trek het sodat hulle, soos
’n perd in die wildernis, nie ge-
struikel het nie?[k] **14** Net soos
wanneer ’n dier in die vallei-
vlakte afgaan, het die gees van
Jehovah aan hulle rus verskaf.”[l]
So het u u volk gelei om vir u
’n pragtige naam te maak.[m]
**15** Kyk vanuit die hemel[n] en
aanskou uit u verhewe woning
van heiligheid en luisterryk-
heid.[o] Waar is u ywer[p] en u vol-
le mag, die beroering van u bin-
neste[q] en u barmhartighede?[r]
Teenoor my het hulle hulle be-
dwing.[s] **16** Want u is ons Va-
der;[t] hoewel Abraham ons mis-
kien nie geken het nie en Israel
ons moontlik nie erken nie, is
u, o Jehovah, ons Vader. Ons Te-
rugkoper van lank gelede is u
naam.[u] **17** Waarom laat u, o
Jehovah, ons voortdurend van
u weë afdwaal? Waarom ver-
hard u ons hart teen die vrees
vir u?[v] Keer terug ter wille
van u knegte, die stamme van u
erfbesitting.[w] **18** Vir ’n klein

HFST. 63

a Jl 3:13, Op 14:20, Op 19:15
b Klg 1:15
c Op 14:19
d 1Sa 2:10, Jes 34:2, Mi 7:10
e 2Kn 9:33
f Jes 34:8, Jes 35:4, Jes 61:2
g Jes 59:16
h Ps 44:3, Ps 98:1, Jes 51:9, Jes 52:10
i Ps 59:13, Jes 59:18
j Ps 75:8, Jer 25:16, Op 14:10
k Jes 26:5
l Eks 20:6, Ps 63:3, Ps 107:8, Ps 136:1
m Ps 78:12, Ps 105:5
n 1Kn 8:66, Ps 31:19
o Ps 51:1, Jes 55:7
p Ge 17:7
q Eks 24:7
r Eks 14:30, Ps 106:21
s Eks 3:7, Rig 10:16
t Eks 14:19, Eks 23:20
u De 7:8, Ps 106:10
v Eks 19:4, De 1:31

Tweede kol.

a De 9:7
b Ps 78:40, Han 7:51, Ef 4:30
c Le 26:17, De 28:63, Jer 30:14
d Jer 21:5
e Eks 14:30, Jes 51:10
f Ps 77:20
g Nu 11:17, Hag 2:5, Sag 4:6
h Eks 6:6, Eks 15:16
i Eks 14:21, Ps 78:13
j Eks 9:16, Eks 14:17, Ro 9:17
k Ps 106:9
l Jos 22:4
m 2Sa 7:23, Ne 9:10
n De 26:15, Ps 80:14
o 2Kr 30:27, Jes 57:15
p 2Kn 19:31, Sag 8:2
q Jer 31:20
r De 4:31, Ne 9:17
s De 31:17; t Eks 4:22; De 32:6; Jer 3:19; u Jes 41:14; Jes 44:6; Jes 54:5; v De 2:30; Jos 11:20; Jes 6:10; Ro 9:18; w Ps 74:2; Ps 80:14; Ps 135:4.

rukkie het u heilige volk[a] be-
sit gehad. Ons teenstanders het
u heiligdom vertrap.[b] **19** Ons
het lank soos dié geword oor
wie u nie geheers het nie, soos
dié oor wie u naam nie uitge-
roep is nie.[c]

**64** Ag, as u maar die hemel
uitmekaar geskeur het,
sodat u neergedaal het,[d] sodat
die berge weens u geskud het,[e]
**2** soos wanneer 'n vuur die fyn-
hout aan die brand steek en die
vuur die water laat kook, om
u naam aan u teenstanders be-
kend te maak,[f] sodat die na-
sies weens u in beroering sou
wees![g] **3** Toe u vreesinboese-
mende dinge[h] gedoen het waar-
op ons nie kon hoop nie, het
u neergedaal. Weens u het die
berge geskud.[i] **4** En van ouds
af het niemand gehoor[j] of ge-
luister nie, en ook het geen oog
'n God buiten u gesien[k] wat
optree vir die een wat in af-
wagting van hom bly nie.[l] **5** U
het die een tegemoetgekom wat
hom verheug en regverdigheid
beoefen,[m] dié wat op u weë aan
u bly dink.[n]

Kyk! U het verontwaardig
geraak,[o] terwyl ons aangehou
sondig het[p]—'n lang tyd, en
sal ons gered word?[q] **6** En ons
word soos 'n onreine, ons al-
mal, en al ons regverdige dade
is soos 'n kleed vir menstruasie-
tye;[r] en ons sal verwelk soos
blare,[s] ons almal, en ons oor-
tredings sal ons wegvoer net
soos 'n wind.[t] **7** En daar is nie-
mand wat u naam aanroep nie,[u]
niemand wat homself opwek om
aan u vas te gryp nie; want u
het u aangesig vir ons verberg,[v]
en u laat ons smelt[w] deur die
krag van ons oortreding.

**8** En nou, o Jehovah, u is
ons Vader.[x] Ons is die klei,[y] en
u is ons Pottebakker;[z] en ons
is almal die werk van u hand.[a]
**9** Moenie tot die uiterste ver-
ontwaardig wees nie,[b] o Je-
hovah, en moenie vir ewig aan
ons oortreding dink nie.[c] Kyk
tog asseblief: ons is almal u
volk.[d] **10** U heilige stede[e] het
'n wildernis geword. Sion[f] het
'n algehele wildernis geword,
Jerusalem 'n verlate woeste-
ny.[g] **11** Ons huis van heilig-
heid en luisterrykheid,[h] waar-
in ons voorvaders u geloof het,[i]
het iets geword wat met vuur
verbrand moet word;[j] en al ons
begeerlike dinge[k] het 'n ver-
woesting geword. **12** Sal u,
met die oog op hierdie dinge, u
steeds inhou,[l] o Jehovah? Sal u
stil wees en toelaat dat ons tot
die uiterste geteister word?[m]

**65** "Ek het my laat soek[n]
deur dié wat nie na my
gevra het nie.[o] Ek het my laat
vind deur dié wat my nie ge-
soek het nie.[p] Ek het gesê: 'Hier
is ek, hier is ek!'[q] vir 'n nasie
wat my naam nie aangeroep het
nie.[r]

**2** "Ek het my hande die hele
dag deur uitgestrek na 'n hard-
koppige[s] volk, wat op die weg
wandel wat nie goed is nie,[t] ag-
ter hulle gedagtes aan;[u] **3** die
volk wat bestaan uit dié wat
my voortdurend in my aan-
gesig aanstoot gee,[v] wat in die
tuine offerandes bring[w] en op
die bakstene offerrook[x] laat op-
gaan, **4** wat tussen die graf-
te sit,[y] wat ook die nag in die
waghutte deurbring, wat vark-
vleis eet,[z] terwyl die sous van
bedorwe dinge[a] in hulle houers
is; **5** wat sê: 'Hou jou eenkant.

HFST. 63
a Eks 19:6; De 7:6
b 2Kr 36:19; Jes 64:11; Klg 1:10
c De 28:10; 2Kr 7:14

HFST. 64
d Eks 19:11; Mi 1:3
e Ps 18:7; Ps 68:8
f Ps 46:10; Ese 36:23; Mt 6:9
g Ps 99:1
h Eks 34:10; Ps 66:3
i Hab 3:6
j 1Ko 2:9
k Jer 16:20; 1Ko 8:4
l Ps 130:7; Jes 25:9; Mi 7:7
m Ese 33:16; Sef 2:3; Han 10:35
n Ps 25:4; Ps 25:9; Ho 14:9
o Ps 90:7; Jes 63:10
p Jes 1:21
q Jes 1:15; Mal 3:7
r Le 12:2; Le 15:20
s Ps 90:6; Jak 1:10
t Ps 1:4; Jes 57:13
u Ps 14:4; Ho 7:7
v De 31:17; Jes 57:17
w Ese 22:20
x Jes 63:16
y Job 10:9; Jes 29:16; Jer 18:6
z Jes 45:9; Ro 9:20

Tweede kol.
a Job 10:8; Ps 100:3
b Ps 74:1; Ps 79:5
c Jer 3:12
d De 7:6; Ps 79:13
e Jes 1:7
f Klg 5:18; Mi 3:12
g Ps 79:1; Klg 1:4
h 2Kn 25:9
i 2Kr 29:25
j 2Kr 36:19; Jer 52:13
k Klg 1:10
l Ps 74:10; Ps 83:1; Jes 14:1
m Ps 10:1; Ps 74:11; Sag 1:12

HFST. 65 n Ps 105:4; Jes 55:6; o Ho 2:23; p Ro 9:30; Ro 10:20; Ef 2:12; q Jes 45:22; r Ho 1:10; Sag 2:11; 1Pe 2:10; s De 31:27; Ne 9:29; Jes 1:2; Jer 5:23; Jer 6:28; Sag 7:11; Han 7:51; t Ps 36:4; Jer 5:31; Jer 35:15; u Jes 55:7; Jes 59:7; Jer 18:12; Mt 15:19; Jak 1:14; v De 32:16; 2Kn 17:17; 2Kn 22:17; Jer 32:29; Jer 32:30; w Le 17:5; Jes 1:29; Jes 66:17; x 2Kr 34:25; Jer 44:3; y Nu 19:16; De 18:11; z Le 11:7; De 14:8; Jes 66:17; a Le 11:4; De 14:3.

Moenie nader kom na my toe
nie, want ek sal beslis heilig-
heid op jou oordra.'[a] Hierdie
mense is 'n rook in my neus-
gate,[b] 'n vuur wat die hele dag
brand.[c]
**6** "Kyk! Dit staan voor my
geskrywe.[d] Ek sal nie stilbly
nie,[e] maar ek sal dit vergeld;[f] ja,
ek sal dit vergeld in hulle boe-
sem,[g] **7** vir hulle eie oortre-
dings en terselfdertyd vir die
oortredings van hulle voorva-
ders",[h] het Jehovah gesê. "Om-
dat hulle offerrook op die ber-
ge laat opgaan het en my op die
heuwels[i] gesmaad het,[j] sal ek
ook hulle loon allereers in hulle
boesem uitmeet."[k]
**8** Só het Jehovah gesê: "Net
soos die nuwe wyn[l] in die tros
gevind word en iemand moet sê:
'Moet dit nie verderf nie,[m] want
daar is 'n seën daarin',[n] so sal
ek doen ter wille van my kneg-
te om nie almal te verderf nie.[o]
**9** En ek sal uit Jakob 'n na-
geslag voortbring[p] en uit Juda
die erfbesitter van my berge;[q]
en my uitverkorenes moet dit
in besit neem,[r] en my knegte
sal daar woon.[s] **10** En Saron[t]
moet 'n weiveld vir skape word[u]
en die Agorlaagvlakte[v] 'n rus-
plek vir beeste, vir my volk wat
my gesoek het.[w]
**11** "Maar julle is dié wat Je-
hovah verlaat,[x] wat my heilige
berg vergeet,[y] wat 'n tafel vir
die Geluksgod dek[z] en wat ge-
mengde wyn vir die god van die
Noodlot skink.[a] **12** En ek sal
julle vir die swaard bestem,[b] en
julle sal almal buig om geslag
te word;[c] want ek het geroep,[d]
maar julle het nie geantwoord
nie, ek het gepraat, maar julle
het nie geluister nie;[e] en julle
het bly doen wat sleg was in my
oë[f] en gekies wat my glad nie
behaag het nie."[g]

**13** Daarom, só het die Soe-
wereine Heer Jehovah gesê:
"Kyk! My knegte sal eet,[a] maar
julle sal honger ly.[b] Kyk! My
knegte sal drink,[c] maar julle
sal dors wees.[d] Kyk! My kneg-
te sal bly wees,[e] maar julle sal
beskaamd staan.[f] **14** Kyk! My
knegte sal met vreugde uitroep
weens die goeie toestand van
die hart,[g] maar julle sal skreeu
weens die pyn in die hart en
weeklaag weens die verbreking
van gees.[h] **15** En julle sal jul-
le naam beslis by my uitver-
korenes vir 'n eed agterlaat,
en die Soewereine Heer Jeho-
vah sal julle elkeen afsonder-
lik doodmaak,[i] maar sy knegte
sal hy by 'n ander naam noem,[j]
**16** sodat elkeen wat homself op
die aarde seën, hom deur die
God van trou sal seën,[k] en elk-
een wat 'n beëdigde verklaring
op die aarde aflê, by die God van
trou sal sweer;[l] omdat die vori-
ge benoudhede vergete sal wees
en omdat hulle vir my oë ver-
borge sal wees.[m]
**17** "Want kyk, ek skep nuwe
hemele[n] en 'n nuwe aarde;[o] en
die vorige dinge sal nie onthou
word nie,[p] en ook sal dit nie in
die hart opkom nie.[q] **18** Maar
verheug julle[r] en wees vir ewig
bly oor wat ek skep.[s] Want kyk,
ek skep Jerusalem as 'n rede tot
blydskap en sy volk as 'n rede
tot vreugde.[t] **19** En ek sal bly
wees oor Jerusalem en my ver-
heug oor my volk;[u] en daarin
sal nie meer die geluid van ge-
huil of die geluid van 'n klaag-
geroep gehoor word nie."[v]

**HFST. 65**
a Lu 18:9, Lu 18:11
b Ps 101:5, Spr 16:5, Lu 18:14
c De 29:20
d Ps 56:8, Mal 3:16
e Ps 50:3, Jes 43:13, Jer 5:9
f Ps 50:21, Jer 16:18, Ese 11:21, Jl 3:4
g Ps 79:12
h Eks 20:5, Le 26:39, Mt 23:35
i 1Kn 22:43, 2Kn 12:3
j Ese 20:28
k Ps 79:12, 1Te 2:16
l Rig 9:13
m Jer 30:11, Mt 24:22
n Ge 18:18, Jl 2:14
o Am 9:8, Ro 9:27
p Ese 37:21, Ro 11:5
q Ge 35:12, Jes 60:21, Ese 36:8, Ob 17
r Jes 61:7
s Sef 3:20
t Jes 33:9
u De 28:2, Jes 35:2
v Jos 7:24, Ho 2:15
w Ps 24:6, Jes 55:6
x De 29:25, 1Kr 28:9, Jes 1:4
y 2Kr 28:24, 2Kr 34:25
z De 32:17, 1Ko 10:20
a Eks 20:3
b Le 26:25, De 28:22, Ese 6:13
c De 28:63, Ese 9:6
d 2Kr 36:15, Spr 1:24, Jes 50:2, Jes 66:4
e 2Kr 36:16, Jer 7:13, Sag 7:11, Mt 22:3
f 2Kr 36:12, Jes 1:16, Jer 16:17
g Spr 1:29, Jes 66:3

**Tweede kol.**
a Ps 34:10, Ps 37:25, Mal 3:18, Lu 16:25
b Ps 37:19, Am 8:11
c Jes 49:10

**d** Lu 16:24; **e** Jes 61:7; Jes 66:14; **f** Jes 66:5; **g** Jes 24:14; Jer 31:12; **h** Mt 8:12; Mt 24:51; Lu 13:28; **i** Jes 66:16; Mt 25:41; **j** Jes 62:2; Jer 33:16; Ro 9:26; **k** Ge 22:18; Ps 72:17; Jer 4:2; **l** De 6:13; Jer 4:2; Jer 12:16; **m** Jes 12:1; Jer 31:12; Sef 3:15; **n** Esr 4:3; Esr 5:2; Jes 32:1; Jes 51:16; Lu 12:32; Ro 8:20; Op 14:1; **o** Ge 12:3; Ps 37:29; Jes 49:8; Mt 25:34; Joh 10:16; 2Pe 3:13; Op 7:9; **p** Ps 37:10; **q** Op 21:4; **r** Ps 67:3; **s** Ps 96:10; Ps 98:1; **t** Jes 51:11; **u** Jes 62:4; Jer 32:41; **v** Jes 25:8; Jer 31:12.

**20** "Daarvandaan sal nie
meer 'n suigeling van 'n paar
dae kom nie,[a] en ook nie 'n
ou man wat nie sy dae vervul
nie;[b] want iemand sal as 'n blo-
te seun sterf, al is hy honderd
jaar oud; en wat die sondaar
betref, al is hy honderd jaar
oud, sal 'n vloek oor hom uitge-
spreek word.[c] **21** En hulle
sal beslis huise bou en dit be-
woon;[d] en hulle sal beslis win-
gerde plant en die vrug daarvan
eet.[e] **22** Hulle sal nie bou so-
dat iemand anders dit bewoon
nie; hulle sal nie plant sodat
iemand anders dit eet nie. Want
die dae van my volk sal wees
soos die dae van 'n boom;[f] en
die werk van hulle eie hande sal
my uitverkorenes ten volle be-
nut.[g] **23** Hulle sal nie verniet
swoeg nie,[h] en ook sal hulle nie
vir ontsteltenis geboorte gee
nie;[i] want hulle is die nageslag
wat uit die geseëndes van Jeho-
vah bestaan,[j] en hulle nakome-
linge saam met hulle.[k] **24** En
voordat hulle roep, sal ek ant-
woord;[l] terwyl hulle nog praat,
sal ek hoor.[m]

**25** "Die wolf[n] en die lam sal
saam wei,[o] en die leeu sal strooi
eet net soos die bul;[p] en wat die
slang betref, stof sal sy voed-
sel wees.[q] Hulle sal geen kwaad
doen[r] of enige verderf aanrig op
my hele heilige berg nie",[s] het
Jehovah gesê.

**66** Só het Jehovah gesê:
"Die hemel is my troon[t]
en die aarde is my voetbank.[u]
Waar is die huis dan wat jul-
le vir my kan bou,[v] en waar is
die plek dan wat my rusplek sal
wees?"[w]

**2** "En al hierdie dinge het
my hand gemaak, sodat dit al-
les ontstaan het",[x] is die woord
van Jehovah. "Op dié een sal ek
dan let, op die een wat geteister
en verslae van gees is[a] en wat
vir my woord bewe.[b]

**3** "Wie die bul slag, is soos hy
wat 'n man doodmaak.[c] Wie die
skaap slag, is soos hy wat die
nek van 'n hond breek.[d] Wie 'n
gawe offer—dit is varkbloed![e]
Wie 'n gedenkoffer van wierook
bring,[f] is soos hy wat 'n seën
met towerwoorde uitspreek.[g]
Hulle het ook hulle eie weë ver-
kies, en in hulle walglike dinge
het hulle siel behae geskep.[h]
**4** Ek sal op my beurt manie-
re kies om hulle sleg te behan-
del;[i] en die dinge wat vir hulle
skrikwekkend is, sal ek oor hul-
le bring;[j] want ek het geroep,
maar niemand het geantwoord
nie, ek het gepraat, maar nie-
mand het geluister nie;[k] en hul-
le het bly doen wat sleg was in
my oë en gekies wat my glad nie
behaag het nie."[l]

**5** Hoor die woord van Jeho-
vah, julle wat vir sy woord
bewe:[m] "Julle broers wat julle
haat,[n] wat julle weens my naam
verstoot,[o] het gesê: 'Mag Jeho-
vah verheerlik word!'[p] Hy moet
ook verskyn met blydskap van
julle kant,[q] en húlle sal be-
skaamd gemaak word."[r]

**6** Daar is 'n geluid van 'n op-
skudding uit die stad, 'n geluid
uit die tempel![s] Dit is die geluid
van Jehovah wat sy vyande hul-
le verdiende loon gee.[t]

**7** Voordat sy geboortepyne
begin kry het, het sy geboor-
te gegee.[u] Voordat geboortepy-
ne oor haar kon kom, is sy
van 'n seun verlos.[v] **8** Wie het
so iets gehoor?[w] Wie het sul-
ke dinge gesien?[x] Sal 'n land[y]
op een dag met geboortepyne

**HFST. 65**

a 2Kn 8:12; Klg 2:21; Ho 13:16
b Jer 6:11; Klg 5:14
c Pr 8:12; Jes 3:11
d Jer 31:4; Am 9:14
e Jes 62:8
f Ps 92:12; Ps 92:14; Op 21:4
g 1Ko 15:58
h Le 26:4; De 28:4; Jes 55:1; Jes 55:2
i Eks 23:26; Jes 33:24; Jes 54:13
j Jes 61:9; Sag 10:9
k Jes 59:21; Jes 66:22; Jer 32:39
l Ps 91:15
m Jes 58:9; Lu 12:30; Ro 8:26
n Ho 2:18
o Jes 11:6
p Jes 35:9
q Ge 3:14; Ro 16:20
r Jes 2:4; Jes 11:9
s Mi 4:2; Sag 8:3

**HFST. 66**

t Ps 11:4; Ps 113:6; Ps 148:13
u Mt 5:35; Han 7:49
v 2Kr 6:18; Han 17:24
w 1Kr 28:2; Han 7:48
x Ge 1:1; Jes 40:26; Han 7:50

**Tweede kol.**

a 2Kn 22:19; Ps 34:18; Mt 5:11; Lu 18:14
b Esr 9:4; Ps 119:161; Han 16:29
c Spr 15:8; Jes 1:11
d Le 11:27
e De 14:8; Jes 65:4; Jes 66:17
f Le 2:2
g 1Sa 15:23; Jes 1:13
h Rig 5:8; Ps 81:12; Jer 14:10
i De 28:15; Spr 1:31; 2Te 2:11
j Spr 10:24

k Spr 1:24; Jes 50:2; Jer 7:13; l 2Kn 21:9; Jes 65:3; Ro 1:28; Heb 4:11; m Esr 10:3; Jes 66:2; Jer 36:16; Hab 3:16; n Joh 16:2; Ga 2:4; 2Te 2:3; o Joh 17:11; Jak 2:7; p Jes 5:19; Jes 29:13; q Jes 60:14; Jes 65:14; r Jes 65:13; Jer 17:13; Jer 17:18; s Mal 3:1; 1Pe 4:17; t De 32:35; Jes 59:18; u Jes 54:1; Ga 4:26; v Ps 33:12; w Jes 64:4; x 1Ko 2:9; y Jes 27:6; Jes 65:9.

voortgebring word?[a] Of sal ’n
nasie[b] met een slag gebore
word?[c] Want Sion het geboorte-
pyne begin kry sowel as geboor-
te gegee aan haar kinders.
**9** “Wat my betref, sou ek die
moederskoot laat oopgaan en
nie die geboorte laat plaasvind
nie?”[d] sê Jehovah. “Of laat ek ’n
geboorte plaasvind en sluit ek
die moederskoot toe?” het jou
God gesê.
**10** Verbly julle saam met Je-
rusalem en wees bly saam met
haar,[e] almal wat haar liefhet.[f]
Verheug julle grootliks saam
met haar, almal wat oor haar
bly treur;[g] **11** omdat julle sal
suig en beslis versadig sal word
aan die bors van haar volle ver-
troosting; omdat julle met klein
slukkies sal drink en julle sal
verlustig aan die tepel van haar
heerlikheid.[h] **12** Want só het
Jehovah gesê: “Kyk, ek skenk
aan haar vrede soos ’n rivier[i] en
die heerlikheid van nasies soos
’n oorlopende stroom,[j] en jul-
le sal beslis suig.[k] Op die heup
sal julle gedra word en op die
knieë sal julle getroetel word.[l]
**13** Soos ’n man wat voortdu-
rend deur sy moeder vertroos
word, so sal ek julle voortdu-
rend vertroos;[m] en in die geval
van Jerusalem sal julle vertroos
word.[n] **14** En julle sal beslis
sien, en julle hart sal sekerlik
jubel,[o] en julle gebeente[p] sal net
soos jong gras uitspruit.[q] En
die hand van Jehovah sal beslis
aan sy knegte bekend gemaak
word,[r] maar hy sal sy vyande
veroordeel.”[s]
**15** “Want kyk, Jehovah kom
soos ’n vuur,[t] en sy strydwaens
is soos ’n stormwind,[u] om sy
toorn met woede te vergeld en
sy bestrawwing met vuurvlam-
me.[v] **16** Want soos vuur sal
Jehovah inderdaad die geskil
opneem, ja, met sy swaard,[a]
teen alle vlees; en dié wat deur
Jehovah omgebring word, sal
beslis baie word.[b] **17** Dié wat
hulleself heilig en hulleself rei-
nig vir die tuine[c] agter een wat
in die middel is, wat varkvleis[d]
en weersinwekkende dinge eet,
selfs springmuise,[e] hulle almal
sal saam aan hulle einde kom”,
is die woord van Jehovah.
**18** “En wat hulle werke[f] en hul-
le gedagtes[g] betref, ek kom om
al die nasies en tale bymekaar
te bring;[h] en hulle sal moet kom
en my heerlikheid moet sien.”[i]
**19** “En ek sal ’n teken on-
der hulle stel,[j] en ek sal van dié
wat ontkom het, na die nasies
stuur,[k] na Tarsis,[l] Pul en Lud,[m]
wat die boog span, Tubal en Ja-
wan,[n] die afgeleë eilande,[o] wat
nie ’n berig oor my gehoor het
of my heerlikheid gesien het
nie;[p] en hulle sal vir seker my
heerlikheid onder die nasies
verkondig.[q] **20** En hulle sal al
julle broers uit al die nasies[r] as
’n gawe aan Jehovah bring,[s] op
perde en op waens en op oor-
dekte waens en op muile en
op vinnige kameelkoeie,[t] na my
heilige berg,[u] Jerusalem”, het
Jehovah gesê, “net soos wan-
neer die kinders van Israel die
gawe in ’n rein houer in die huis
van Jehovah bring.”[v]
**21** “En ook uit hulle sal ek
party neem vir die priesters,
vir die Leviete”, het Jehovah
gesê.
**22** “Want net soos die nuwe
hemele[w] en die nuwe aarde[x]
wat ek maak, voor my aangesig
bestaan”,[y] is die woord van Je-
hovah, “so sal julle nageslag[z] en
julle naam bly bestaan.”[a]

**HFST. 66**

a Jes 54:7, Jer 30:20
b Jes 10:20, Jer 23:8, Sag 8:12, Ro 11:26, 1Pe 2:9
c Mt 24:31
d Ge 18:14, Jes 37:3
e De 32:43, Jes 44:23, Ro 15:10
f Ps 26:8, Ps 84:2, Ps 122:6, Ps 137:6
g Ese 9:4
h Ps 36:8, Jer 3:15, Jl 3:18
i Ps 72:3, Jes 9:7, Jes 48:18
j Jes 54:3, Jes 60:3, Hag 2:7
k Jes 60:16
l Jes 60:4
m Jes 51:3
n Jes 44:28, Jes 65:18
o Sag 10:7
p Spr 3:8, Spr 17:22
q Jes 26:19, Ho 14:5
r Jes 65:13, Mal 3:18
s Jes 59:18, Jes 65:12
t De 4:24, Ps 11:6, Ps 21:9, Ps 97:3
u Ps 50:3, Jer 25:32
v Nu 16:35, 2Te 1:8

**Tweede kol.**

a Jer 15:2
b Jes 34:5, Jer 25:33, Ese 38:21, Jl 3:14, Op 19:18
c Jes 1:29, Jes 65:3
d Le 11:7, De 14:8, Jes 65:4
e Le 11:29
f Jes 37:28, Jes 59:6, Am 5:12
g De 31:21, Jes 55:7, Mi 2:1
h Ps 86:9, Jes 2:2, Mt 25:32, Op 7:9
i Ese 39:21
j Esr 1:3
k Jes 4:2, Mt 24:31
l Ge 10:4, Ps 72:10
m Ge 10:13
n Ge 10:2, Ese 27:13

o Jes 49:1; p Mal 1:11; q Jes 60:3; Ro 15:12; Op 7:9; r De 30:3; Jes 11:16; Jes 43:6; Jes 54:3; Jes 60:4; Mt 24:31; s Jes 60:9; Ro 12:1; 1Pe 2:5; t Jes 60:6; u Jes 11:9; Sag 1:17; Op 14:1; v Nu 7:13; w Esr 3:2; Esr 5:2; Jes 65:17; 2Pe 3:13; x Esr 1:3; Esr 2:64; Op 21:1; y Jes 65:18; z Jes 65:23; a Ps 94:14; Jer 31:36.

**23** “En van nuwemaan tot
nuwemaan en van sabbat
tot sabbat sal alle vlees be-
slis kom om hulle voor my neer
te buig”,[a] het Jehovah gesê.
**24** “En hulle sal uitgaan en die
lyke aanskou van die mense wat
teen my oortree het;[a] want die
wurms op hulle sal nie sterf nie
en hulle vuur sal nie uitgeblus
word nie,[b] en hulle moet iets af-
stootliks vir alle vlees word.”[c]

**HFST. 66**
a Ps 86:9 Sag 14:16 Mal 1:11

**Tweede kol.**
a Ps 58:10 Ese 39:12

b Jes 14:11; Jes 34:10; Mt 3:12; Mt 25:41; Mr 9:48; 2Te 1:9; c Ps 139:21.

# JEREMIA

**1** Die woorde van Jeremia,[a]
die seun van Hilki′a, een
van die priesters wat in A′na-
tot[b] in die land van Benjamin[c]
was; **2** tot wie die woord van
Jehovah gekom het in die dae
van Josi′a,[d] die seun van Amon,[e]
die koning van Juda, in die der-
tiende jaar van sy regering.[f]
**3** En dit het steeds gekom in
die dae van Jo′jakim,[g] die seun
van Josi′a, die koning van Juda,
tot die einde van die elfde jaar
van Sedeki′a,[h] die seun van Jo-
wederstrewigheid[j] van sy sleg-
te hart deur my nie te gehoor-
saam nie.[k] **13** En ek sal julle
wegslinger uit hierdie land[l] na
die land wat julle nie geken het
nie,[m] ook nie julle vaders nie,
en daar sal julle dag en nag an-
der gode[n] moet dien, want ek
sal aan julle geen guns verleen
nie.”’

**14** “‘Daarom, kyk! daar kom
dae’,[o] is die woord van Jehovah,
‘wanneer daar nie meer gesê sal
word: “So waar as Jehovah le-
we, wat die kinders van Israel

**HFST. 15**
a Jes 41:10; Han 18:10
b Jes 25:4; 2Ko 1:10

**HFST. 16**
c Mt 24:19
d Lu 21:23; Lu 23:29
e Jer 15:2
f Jer 22:18; Jer 25:33
g Ps 79:3; Jer 7:33; Jer 36:30
h Ps 83:10; Jes 5:25; Jer 8:2; Jer 9:22
i Jer 14:15; Jer 34:17; Ese 5:12
j Jer 34:20; Ese 39:17; Op 19:17
k Ese 24:16
l De 31:17; 2Kr 15:6; Jes 27:11; Jes 63:10; Sag 8:10
m Jer 16:4
n Le 19:28; De 14:1; Jer 41:5
o Jes 22:12

**Tweede kol.**
a Ese 24:17; Ho 9:4
b Spr 31:6
c Pr 7:2
d Jes 24:7; Jer 7:34; Jer 25:10; Ese 26:13; Ho 2:11; Op 18:23
e De 29:24; Jer 5:19; Jer 13:22; Jer 22:8
f De 29:25; Rig 2:12; Ne 9:26; Jer 2:8; Jer 5:7; Jer 22:9
g Jer 8:2; Jer 13:10
h Da 9:11; Am 2:4
i Ne 9:16; Jer 7:26
j De 29:19; Rig 2:19; Ne 9:29; Jer 6:28; Jer 7:24; Jer 9:14
k 1Sa 15:23
l De 28:36; 2Kr 7:20
m Jer 15:14; Jer 17:4
n De 4:28
o Jer 23:7

uit Egipteland laat optrek het!”
nie,[a] **15** maar: “So waar as Je-
hovah lewe, wat die kinders
van Israel laat optrek het uit
die land van die noorde en uit
al die lande waarheen hy hul-
le verstrooi het!” en ek sal hulle
beslis terugbring na hulle land,
wat ek aan hulle voorvaders ge-
gee het.’[b]
**16** “ ‘Kyk, ek ontbied baie vis-
sers’, is die woord van Jehovah,
‘en hulle sal hulle beslis soek en
vang; en daarna sal ek baie jag-
ters laat kom,[c] en hulle sal hul-
le beslis van elke berg en van
elke heuwel af en uit die klowe
van die kranse jaag.[d] **17** Want
my oë is op al hulle weë. Dit was
nie voor my bedek nie, en ook
was hulle oortreding nie voor
my oë verborge nie.[e] **18** En ek
sal eers die volle maat van hul-
le oortreding[f] en van hulle son-
de vergeld, omdat hulle my land
ontheilig het.[g] Met die lyke van
hulle walglike dinge en hulle
verfoeilike dinge het hulle my
erfdeel gevul.’ ”[h]
**19** O Jehovah, my sterkte en
my vesting en my toevlug in
die dag van benoudheid,[i] na u
toe sal die nasies van die eindes
van die aarde af kom,[j] en hul-
le sal sê: “Waarlik, ons voorva-
ders het in besit gekom van blo-
te leuens,[k] nietigheid en dinge
wat glad nie voordelig was nie.”[l]
**20** Kan die mens vir hom gode
maak wanneer hulle geen gode
is nie?[m]
**21** “Daarom, kyk, ek laat hul-
le weet; hierdie een keer sal ek
hulle my hand en my mag laat
ken,[n] en hulle sal moet weet dat
my naam Jehovah is.”[o]

**17** “Die sonde van Juda is
met ’n ysterstif opge-
skryf.[p] Met ’n diamantpunt is
dit gegraveer op die tafel van
hulle hart[q] en op die horings
van hulle altare,[a] **2** wanneer
hulle kinders dink aan hulle al-
tare en hulle heilige pale langs
’n blaarryke boom, op die hoë
heuwels,[b] **3** op die berge in
die veld. Jou rykdom, al jou
skatte, sal ek as blote roofgoed
gee[c]—jou hoogtes weens die
sonde in al jou gebiede.[d] **4** En
jy het uit jou eie jou erfbesit-
ting afgestaan wat ek jou ge-
gee het.[e] Ek sal jou ook jou vy-
ande laat dien in die land wat jy
nie geken het nie;[f] want soos ’n
vuur is julle aangesteek in my
toorn.[g] Tot onbepaalde tyd sal
dit aan die brand bly.”
**5** Só het Jehovah gesê: “Ver-
vloek is die man wat op die
mens vertrou[h] en wat vlees sy
arm maak[i] en wie se hart van
Jehovah afwyk.[j] **6** En hy sal
beslis soos ’n eensame boom
in die woestynvlakte word en
sal nie sien wanneer die goeie
kom nie;[k] maar hy sal in ver-
skroeide plekke in die wildernis
woon, in ’n onbewoonde sout-
land.[l] **7** Geseënd is die man
wat op Jehovah vertrou, en wie
se vertroue Jehovah geword
het.[m] **8** En hy sal beslis word
soos ’n boom wat by die water
geplant is, wat sy wortels reg
by die waterloop uitstoot; en hy
sal nie sien wanneer daar hit-
te kom nie, maar sy blare sal
welig wees.[n] En in die jaar van
droogte[o] sal hy nie angstig raak
nie, en ook sal hy nie ophou om
vrugte voort te bring nie.
**9** “Die hart is verraderliker
as enigiets anders en is despe-
raat.[p] Wie kan dit ken? **10** Ek,
Jehovah, deursoek die hart,[q]
ondersoek die niere,[r] ja, om aan
elkeen te gee volgens sy weë,[s]

**HFST. 16**
a Eks 20:2, De 15:15, Mi 6:4
b De 30:3, Jer 3:18, Jer 24:6, Jer 30:3, Jer 32:37, Am 9:14
c Klg 4:18
d Am 9:1
e Job 34:21, Ps 90:8, Spr 5:21, Spr 15:3, Jer 32:19, Heb 4:13
f Jes 40:2, Jer 17:18
g Nu 35:33, Ps 106:38
h Le 26:30
i Ps 18:2, Spr 18:10, Jes 25:4, Jer 17:17, Na 1:7
j Jes 2:2, Sag 2:11
k Jer 10:14
l Jes 44:10, Jer 10:5
m Ps 115:4, Jes 37:19, Jer 2:11, Han 19:26, 1Ko 8:4, Ga 4:8
n Eks 9:16, Ro 9:17
o Eks 15:3, Ps 83:18, Jer 33:2

**HFST. 17**
p Job 19:24
q Spr 3:3, 2Ko 3:3

**Tweede kol.**
a Am 3:14
b Rig 3:7, 1Kn 14:23, 2Kn 16:4, 2Kr 24:18, 2Kr 33:3, Ps 78:58, Jes 1:29, Jer 2:20, Ese 6:13, Ese 20:28
c 2Kn 24:13, Jer 15:13
d Le 26:30, Ese 6:3
e Jes 49:8, Klg 5:2
f De 28:48, Ne 9:28, Jer 16:13
g De 29:27, Jes 5:25, Jer 15:14, Na 1:6
h Jes 30:2, Jes 31:1
i 2Kr 32:8, Jes 31:3
j 2Kn 16:7, Ese 6:9
k 2Kn 7:2

**l** De 29:23; Job 39:6; Sef 2:9; **m** Ps 34:8; Ps 125:1; Ps 146:5; Spr 16:20; Jes 26:3; Jes 30:18; **n** Ps 1:3; Ps 92:12; **o** Jer 14:1; **p** Ge 6:5; Ge 8:21; Spr 28:26; Jes 44:20; Jes 59:13; Jak 1:14; Jak 1:26; **q** 1Sa 16:7; 1Kr 28:9; Ps 139:23; Spr 17:3; Spr 21:2; Ro 8:27; **r** Ps 7:9; **s** Ps 62:12; Jer 32:19; Ro 2:6.

volgens die vrug van sy hande-
linge.[a] **11** Soos die patrys wat
bymekaargemaak het wat dit
nie gelê het nie, is hy wat ryk-
dom verwerf, maar nie met ge-
regtigheid nie.[b] In die helfte
van sy dae sal hy dit verlaat,[c] en
in sy einde sal hy verstandeloos
wees."[d]

**12** Daar is die glorieryke
troon in die hoogte van die be-
gin af;[e] dit is die plek van ons
heiligdom.[f] **13** O Jehovah, die
hoop van Israel,[g] almal wat u
verlaat, sal beskaamd gemaak
word.[h] Dié wat van my afval-
lig word,[i] sal op die aarde opge-
skryf word, want hulle het die
bron van lewende water, Jeho-
vah, verlaat.[j] **14** Maak my ge-
sond, o Jehovah, en ek sal ge-
sond wees.[k] Red my, en ek sal
gered wees;[l] want u is my lof.[m]

**15** Kyk! Daar is dié wat vir
my sê: "Waar is die woord van
Jehovah?[n] Laat dit asseblief
kom." **16** Maar wat my betref,
ek het nie daarvan weggehard-
loop om 'n herder te wees wat u
volg nie, en na die dag van wan-
hoop het ek nie gesmag nie. U
het die uiting van my lippe ge-
ken; voor u aangesig was dit.
**17** Moenie vir my iets skrik-
wekkends word nie.[o] U is my
toevlug in die dag van ramp-
spoed.[p] **18** Laat my vervol-
gers beskaamd gemaak word,[q]
maar laat ek nie beskaamd ge-
maak word nie.[r] Laat hulle met
verskrikking vervul word,
maar laat ék nie met verskrik-
king vervul word nie. Bring die
dag van rampspoed oor hulle,[s]
en verbreek hulle met 'n dubbe-
le verbreking.[t]

**19** Só het Jehovah vir my ge-
sê: "Gaan, en jy moet in die
poort van die kinders van die
volk gaan staan waardeur die
konings van Juda ingaan en
waardeur hulle uitgaan, en in
al die poorte van Jerusalem.[a]
**20** En jy moet vir hulle sê:
'Hoor die woord van Jehovah,
konings van Juda en die hele
Juda en al die inwoners van Je-
rusalem, wat deur hierdie poor-
te ingaan.[b] **21** Só het Jeho-
vah gesê: "Let op julle siel,[c] en
moenie op die sabbatdag enige
vrag dra wat julle deur die
poorte van Jerusalem moet in-
bring nie.[d] **22** En julle mag
op die sabbatdag geen vrag
uit julle huise bring nie; en
julle mag hoegenaamd geen
werk doen nie.[e] En julle moet
die sabbatdag heilig, net soos
ek julle voorvaders beveel het;[f]
**23** maar hulle het nie geluister
of gehoor gegee nie,[g] en hulle
het hulle nek verhard[h] om nie
te hoor nie en om geen dissipli-
ne te ontvang nie." '[i]

**24** " '"En as julle my streng
gehoorsaam",[j] is die woord van
Jehovah, "om op die sabbatdag
geen vrag deur die poorte van
hierdie stad in te bring nie[k] en
om die sabbatdag te heilig deur
geen werk daarop te doen nie,[l]
**25** dan sal daar beslis deur die
poorte van hierdie stad konings
met vorste inkom,[m] wat op die
troon van Dawid sit,[n] wat op
strydwaens en op perde ry, hul-
le en hulle vorste, die manne
van Juda en die inwoners van
Jerusalem; en hierdie stad sal
beslis tot onbepaalde tyd be-
woon word. **26** En mense sal
uit die stede van Juda en uit
die omgewing van Jerusalem
en uit die land van Benjamin[o]
en uit die laagland[p] en uit die
bergstreek[q] en uit die Negeb[r]
kom en heelbrandoffers[s] en offe-
randes[t] en graanoffers[u] en wie-
rook[v] bring; asook dankoffers
na die huis van Jehovah.[w]

HFST. 17

a Jes 3:10, Mi 7:13, Ro 6:21, Ga 6:7, Op 2:23, Op 22:12
b Spr 28:20, Jes 1:23, Jer 5:27, Jak 5:4
c Ps 55:23
d Lu 12:20
e Jer 14:21
f 2Kr 2:5, Jes 6:1
g Ps 22:4, Jer 14:8, Jer 50:7
h Ps 97:7
i Ps 73:27, Jes 1:28
j Ps 36:9, Jer 2:13, Op 22:1
k De 32:39, Ps 6:2
l Ps 60:5, Jer 15:20
m De 10:21, Ps 109:1
n Jes 5:19, 2Pe 3:4
o Ps 88:15
p Ps 59:16
q Ps 35:4, Jer 15:15, Jer 20:11
r Ps 25:2
s Jer 18:23
t Jer 16:18

Tweede kol.

a Ne 8:3, Jer 7:2
b Ps 49:1, Spr 1:21, Jer 19:3, Jer 22:2
c De 4:9
d Nu 15:32, Ne 13:19
e Eks 20:10, Eks 23:12, Le 23:3
f Eks 31:13, Ese 20:12
g Jer 7:24, Jer 11:10, Ese 20:13
h Spr 29:1, Jes 48:4
i Spr 1:3, Spr 5:12, Sef 3:7
j De 11:13
k Jer 17:21
l Eks 34:21, De 5:12
m Jer 22:4
n Ps 132:11
o Jer 32:44
p Jer 33:13
q De 1:7
r Sag 7:7
s Le 1:3
t Esr 3:3
u Le 2:1
v Le 2:2

w Ps 50:23; Ps 107:22; Ps 116:17; Jer 33:11; Heb 13:15.

**27** "'"Maar as julle my nie
gehoorsaam deur die sabbatdag
te heilig en geen vrag te dra
nie,[a] maar mense op die sab-
batdag daarmee deur die poor-
te van Jerusalem inkom, dan
sal ek 'n vuur in sy poorte
aansteek,[b] en dit sal beslis die
woontorings van Jerusalem[c]
verteer en nie uitgeblus word
nie."'"[d]

**18** Die woord wat van Jeho-
vah tot Jeremia gekom en
gesê het: **2** "Staan op, en jy
moet afgaan na die huis van die
pottebakker,[e] en daar sal ek jou
my woorde laat hoor."

**3** En ek het afgegaan na die
huis van die pottebakker, en
kyk, hy was besig met 'n stuk
werk op die pottebakkerswie-
le. **4** En die houer wat hy be-
sig was om met die klei te maak,
is deur die pottebakker se hand
bederf, en hy het weer begin
en 'n ander houer daarvan ge-
maak, soos dit in die oë van die
pottebakker reg was om dit te
maak.[f]

**5** En die woord van Jehovah
het verder tot my gekom en
gesê: **6** "'Kan ek nie met jul-
le maak net soos hierdie potte-
bakker nie, o huis van Israel?'
is die woord van Jehovah. 'Kyk!
Soos die klei in die hand van die
pottebakker, so is julle in my
hand, o huis van Israel.[g] **7** As
ek op enige oomblik teen 'n na-
sie en teen 'n koninkryk spreek
om dit uit te ruk en af te breek
en te vernietig,[h] **8** en dié na-
sie hom afkeer van sy slegtheid
waarteen ek gespreek het,[i] dan
sal ek spyt voel oor die ramp-
spoed wat ek gedink het om
daaroor te bring.[j] **9** Maar as
ek op enige oomblik oor 'n na-
sie en oor 'n koninkryk spreek
om dit op te bou en te plant,[k]
**10** en dit doen wat sleg is in my
oë deur my stem nie te gehoor-
saam nie,[a] dan sal ek spyt voel
oor die goeie wat ek by myself
gesê het om ten goede daarvan
te doen.'

**11** "En sê nou asseblief vir
die manne van Juda en vir die
inwoners van Jerusalem: 'Só
het Jehovah gesê: "Kyk, ek be-
rei rampspoed voor teen julle
en dink 'n gedagte teen julle.[b]
Keer asseblief terug, elkeen van
sy slegte weg, en maak julle weë
en julle handelinge goed."'"[c]

**12** En hulle het gesê: "Dit is
hopeloos![d] Want ons sal volgens
ons eie gedagtes wandel, en ons
gaan elkeen volgens die weder-
strewigheid van sy slegte hart
handel."[e]

**13** Daarom, só het Jehovah
gesê: "Vra asseblief self onder
die nasies. Wie het sulke dinge
gehoor? Die maagd van Israel
het iets baie afskuweliks ge-
doen.[f] **14** Sal die Li'banon se
sneeu van die rots in die oop
veld verdwyn? Of sal vreem-
de, koel, druppende waters op-
droog? **15** Want my volk het
my vergeet[g] deurdat hulle offer-
rook vir iets waardeloos[h] laat
opgaan, en deurdat hulle mense
laat struikel op hulle weë,[i] die
paaie van lank gelede,[j] om te
loop op paaie, 'n pad wat nie op-
gevul is nie, **16** ten einde hul-
le land 'n voorwerp van verba-
sing te maak,[k] om oor te fluit
tot onbepaalde tyd.[l] Elkeen wat
daar verbygaan, sal in verba-
sing staar en sy kop skud.[m]
**17** Soos met 'n oostewind sal ek
hulle voor die vyand verstrooi.[n]
Die rug, en nie die aangesig
nie,[o] sal ek hulle op die dag van
hulle ongeluk toon."

**18** En hulle het gesê: "KOM,
en laat ons gedagtes teen Jere-
mia uitdink,[p] want die wet sal
nie verdwyn by die priester[q] of
raad by die wyse of die woord

**HFST. 17**
a Ne 13:16
b Jer 21:14, Klg 4:11, Am 1:4
c 2Kn 25:9, 2Kr 36:19, Jer 39:8, Jer 52:13
d 2Kn 22:17, Ese 20:47

**HFST. 18**
e Jer 19:1
f Jes 45:9, Ro 9:20
g Ro 9:21
h Jer 1:10, Jer 12:14, Jer 25:9, Jer 45:4, Am 9:8, Jon 3:4
i 1Kn 8:33, Jer 7:3, Ese 18:21, Ese 33:11, Jon 3:5
j Ps 106:45, Jer 26:3, Jl 2:13, Jon 3:10, Jon 4:2
k Jer 30:18, Jer 32:41, Am 9:11

**Tweede kol.**
a Ps 125:5
b Jer 26:3, Mi 2:3
c 2Kn 17:13, Jes 1:16, Jer 7:3, Jer 26:13, Ese 18:23, Han 26:20
d Jer 2:25, Ro 2:5, Heb 3:13
e De 29:19, Jer 7:24
f Jer 2:13, Jer 5:30
g Jer 2:19, Jer 3:21, Jer 13:25, Jer 16:19, Jer 17:13
h De 32:21, Jes 41:29, Jer 10:15
i Mal 2:8
j Jer 6:16
k Le 26:33, Jer 19:8, Jer 49:13, Ese 6:14
l De 29:24, 1Kn 9:8, Klg 2:15, Mi 6:16
m De 28:37, Ps 44:14
n Ps 48:7, Jer 13:24
o De 31:17, Jer 2:27
p Ps 21:11, Jer 11:19
q Le 10:11, Mal 2:7

by die profeet nie.[a] Kom en laat
ons hom met die tong slaan,[b] en
laat ons geen aandag aan enige
van sy woorde skenk nie.”
**19** Skenk tog aandag aan my,
o Jehovah, en luister na die
stem van my teenstanders.[c]
**20** Moet goed met kwaad ver-
geld word?[d] Want hulle het ’n
kuil vir my siel gegrawe.[e] Ont-
hou hoe ek voor u gestaan het
om goed van hulle te praat, om
u woede van hulle af te wend.[f]
**21** Gee derhalwe hulle kinders
oor aan die hongersnood[g] en le-
wer hulle oor aan die mag van
die swaard;[h] en laat hulle vrou-
ens van kinders beroof word en
weduwees word.[i] En laat hul-
le manne deur ’n dodelike plaag
gedood word, hulle jong man-
ne deur die swaard in die ge-
veg omgebring word.[j] **22** Laat
’n geskreeu uit hulle huise ge-
hoor word, wanneer u skielik
’n rowerbende oor hulle bring.[k]
Want hulle het ’n kuil gegrawe
om my te vang, en valstrikke
het hulle vir my voete verberg.[l]
**23** Maar u, o Jehovah, is
deeglik bewus van hulle hele
plan teen my om my dood te
maak.[m] Moenie hulle oortre-
ding bedek nie, en moenie dié
sonde van hulle voor u uitwis
nie; maar laat hulle voor u tot
struikeling gebring word.[n] Tree
teen hulle op in die tyd van u
toorn.[o]

**19** Só het Jehovah gesê:
“Gaan, en jy moet ’n er-
defles van ’n pottebakker
neem[p] en ouer manne van die
volk en ouer manne van die
priesters. **2** En jy moet uit-
gaan na die vallei van die seun
van Hinnom,[q] wat by die ingang
van die Potskerwepoort is. En
daar moet jy die woorde uit-
roep wat ek met jou sal spreek.[r]
**3** En jy moet sê: ‘Hoor die
woord van Jehovah, o konings
van Juda en inwoners van Jeru-
salem.[a] Só het Jehovah van die
leërs,[b] die God van Israel, gesê:
“ ‘ “Kyk, ek bring rampspoed
oor hierdie plek, waarvan elk-
een wat dit hoor, se ore sal
tuit;[c] **4** omdat hulle my ver-
laat het[d] en hierdie plek on-
herkenbaar gemaak[e] en daar-
in offerrook laat opgaan het vir
ander gode wat hulle nie geken
het nie,[f] hulle en hulle voorva-
ders en die konings van Juda; en
hulle het hierdie plek gevul met
die bloed van die onskuldiges.[g]
**5** En hulle het die hoogtes van
die Baäl gebou om hulle seuns
in die vuur te verbrand as heel-
brandoffers aan die Baäl,[h] iets
wat ek nie beveel of van gepraat
het nie[i] en wat in my hart nie
opgekom het nie.” ’[j]
**6** “ ‘ “Daarom, kyk! daar kom
dae”, is die woord van Jeho-
vah, “wanneer hierdie plek nie
meer Tofet[k] en die vallei van die
seun van Hinnom[l] genoem sal
word nie, maar die moordval-
lei. **7** En ek sal die raad van
Juda en van Jerusalem in hier-
die plek verydel,[m] en ek sal
hulle voor hulle vyande deur
die swaard laat val en deur
die hand van dié wat hulle siel
soek.[n] En ek sal hulle lyke gee
as voedsel vir die voëls van
die hemel en vir die diere van
die aarde.[o] **8** En ek sal hierdie
stad ’n voorwerp van verbasing
maak en iets om oor te fluit.[p]
Elkeen wat daar verbygaan, sal
in verbasing staar en oor al sy
plae fluit.[q] **9** En ek sal hulle
die vlees van hulle seuns en die
vlees van hulle dogters laat eet;
en hulle sal elkeen die vlees van
sy medemens eet, weens die be-
klemming en weens die benoud-
heid waarmee hulle vyande en

**HFST. 18**
a 1Kn 22:24
b Ps 52:2; Spr 18:21
c 2Kn 19:16; Ne 4:4
d Ps 109:5
e Ps 35:7; Ps 57:6; Pr 10:8
f Ps 106:23; Ese 22:30
g Ps 109:10; Jer 11:22
h Jer 12:3
i De 32:25; Klg 5:3
j 2Kr 36:17; Jer 9:21
k Jer 6:26
l Ps 38:12; Ps 64:5; Ps 140:5
m Ps 37:32; Jer 11:19
n Ps 35:4; Ps 59:5; Ps 109:14
o Jer 11:20; Jer 15:15; Ro 2:5

**HFST. 19**
p Jer 18:2; Ro 9:21
q Jos 15:8; 2Kn 23:10; 2Kr 28:3; Jer 7:31
r Spr 1:20; Jer 7:2

**Tweede kol.**
a Jer 17:20
b Ps 24:10
c 1Sa 3:11; 2Kn 21:12
d De 28:20; 2Kn 22:17; Jes 65:11; Jer 2:13; Jer 15:6; Jer 17:13; Da 9:5
e 2Kr 33:4
f De 13:6; De 32:17; Jer 7:9
g 2Kn 21:16; 2Kn 24:4; Jes 59:7; Jer 2:34; Klg 4:13; Mt 23:35; Op 16:6
h 2Kn 17:17; 2Kr 28:3; 2Kr 33:6; Ps 106:38; Jes 57:5
i Le 18:21; Jer 32:35
j Jer 7:31
k 2Kn 23:10; Jes 30:33; Jer 7:32
l Jos 15:8
m Spr 21:30
n Le 26:17; De 28:25

o De 28:26; Ps 79:2; Jer 7:33; Jer 16:4; Jer 34:20; Op 19:18; p 1Kn 9:8; Jer 18:16; Klg 2:15; q 2Kr 7:21; Jer 25:18.

dié wat hulle siel soek, hulle sal
insluit.”’[a]
**10** “En jy moet die fles breek
voor die oë van die manne wat
saam met jou gaan. **11** En jy
moet vir hulle sê: ‘Só het Je-
hovah van die leërs gesê: “Net
so sal ek hierdie volk en hier-
die stad verbreek, soos iemand
die houer van die pottebakker
breek sodat dit nie meer heel-
gemaak kan word nie;[b] en in
Tofet[c] sal hulle begrawe totdat
daar nie meer plek is om te be-
grawe nie.”’[d]
**12** “‘So sal ek aan hierdie
plek doen’, is die woord van
Jehovah, ‘en aan die inwoners
daarvan, ja, om hierdie stad
soos Tofet te maak.[e] **13** En die
huise van Jerusalem en die hui-
se van die konings van Juda sal
soos die plek Tofet word,[f] on-
rein, dit wil sê al die huise op die
dakke waarvan hulle offerrook
laat opgaan het vir die hele leër
van die hemel[g] en drankoffers
uitgegiet het vir ander gode.’”[h]
**14** En Jeremia het van To-
fet[i] af gekom, waarheen Jeho-
vah hom gestuur het om te pro-
feteer, en in die voorhof van die
huis van Jehovah gaan staan en
vir die hele volk gesê:[j] **15** “Só
het Jehovah van die leërs, die
God van Israel, gesê: ‘Kyk, ek
bring oor hierdie stad en oor al
sy stede al die rampspoed wat
ek daarteen gespreek het, om-
dat hulle hulle nek verhard het
om my woorde nie te gehoor-
saam nie.’”[k]

**20** En Pasgur, die seun van
Immer,[l] die priester, wat
ook die hoofopsigter in die huis
van Jehovah was,[m] het na Je-
remia geluister terwyl hy hier-
die woorde geprofeteer het.
**2** Toe het Pasgur die profeet Je-
remia geslaan[n] en hom in die
blok gesit[o] wat in die Boonste
Benjaminpoort was, wat in die
huis van Jehovah was. **3** Maar
die volgende dag het Pasgur Je-
remia uit die blok laat haal,[a] en
Jeremia het toe vir hom gesê:
“Jehovah het jou nie Pasgur
genoem nie,[b] maar Skrik rond-
om.[c] **4** Want só het Jehovah
gesê: ‘Kyk, ek maak jou ’n skrik
vir jouself en vir almal wat jou
liefhet, en hulle sal beslis deur
die swaard van hulle vyande
val[d] terwyl jou oë dit sien;[e]
en die hele Juda sal ek in die
hand van die koning van Babi-
lon gee, en hy sal hulle in bal-
lingskap na Babilon wegvoer en
hulle met die swaard verslaan.[f]
**5** En ek sal al die opgegaarde
goed van hierdie stad en sy
hele opbrengs en al sy kosbare
dinge gee; en al die skatte van
die konings van Juda gaan ek in
die hand van hulle vyande gee.[g]
En hulle sal hulle beslis plun-
der en saamneem en na Babilon
bring.[h] **6** En wat jou betref, o
Pasgur, en almal wat in jou huis
woon, julle sal in gevangenskap
gaan;[i] en in Babilon sal jy kom
en daar sal jy sterf en daar sal
jy begrawe word saam met al-
mal wat jou liefhet,[j] omdat jy
vir hulle op grond van leuens
geprofeteer het.’”[k]
**7** U het my mislei, o Jeho-
vah, sodat ek mislei is. U het u
krag teen my gebruik, sodat u
die oorhand gekry het.[l] Ek het
die hele dag ’n voorwerp van ge-
lag geword; almal bespot my.[m]
**8** Want elke keer as ek praat,
skreeu ek dit uit. Geweld en
plundering roep ek uit.[n] Want
die woord van Jehovah het vir
my die hele dag ’n oorsaak van
smaad en van bespotting ge-
word.[o] **9** En ek het gesê: “Ek
sal nie van hom melding maak
nie, en ek sal nie meer in sy

**HFST. 19**
a Le 26:29; De 28:53; Jes 9:20; Klg 2:20; Klg 4:10; Ese 5:10
b 2Kr 36:16; Ps 2:9; Jes 30:14; Klg 4:2; Op 2:27
c Jes 30:33; Jer 19:6
d Jer 7:32
e 2Kn 23:10
f 2Kn 23:12; 2Kn 23:14; Ps 79:1; Ese 7:21
g Jer 8:2; Jer 32:29; Jer 44:17; Sef 1:5
h Jer 7:18
i Jer 19:6
j 2Kr 20:5; 2Kr 24:20; Jer 26:2
k Ne 9:17; Ne 9:29; Jer 7:26; Jer 17:23; Sag 7:12; Han 7:51

**HFST. 20**
l 1Kr 24:14
m Han 5:24
n Han 23:2
o 2Kr 16:10; Jer 29:26; Han 16:24

**Tweede kol.**
a Han 4:3
b Ho 1:4
c Ps 31:13; Jer 6:25; Jer 46:5; Jer 49:29; Klg 2:22
d De 28:65; Ps 73:19
e De 28:32; 2Kn 25:7; Jer 29:21; Jer 39:6
f Jer 25:9; Jer 39:9
g 2Kn 20:17; 2Kn 24:13; 2Kn 25:13; Klg 1:10; Ese 22:25
h 2Kr 36:10; Jer 15:13
i Jer 15:2; Jer 29:21; Ese 12:11
j Jer 5:31
k Jer 14:14; Jer 28:15; Jer 29:21
l Ese 3:14; Mi 3:8
m Job 12:4; Ps 22:7; Jer 15:10; Klg 3:14; Han 17:32
n Jer 6:7

o 2Kr 36:16; Jer 6:10; Jer 15:15.

naam spreek nie."[a] En in my
hart was dit soos 'n brandende
vuur, opgesluit in my gebeen-
te; en ek het moeg geword om
dit in te hou, en ek kon dit
nie verduur nie.[b] **10** Want ek
het die slegte berig van baie ge-
hoor.[c] Daar was skrik rondom.
"SÊ iets, sodat ons iets oor hom
kan sê."[d] Elke sterflike mens
wat my "Vrede!" toewens—hul-
le wag op my mankheid:[e] "Mis-
kien sal hy mislei word,[f] sodat
ons die oorhand oor hom kan
kry en ons wraak op hom kan
neem." **11** Maar Jehovah was
met my[g] soos 'n verskriklike
magtige.[h] Daarom sal my ver-
volgers struikel en nie die oor-
hand kry nie.[i] Hulle sal beslis
baie beskaamd gemaak word,
omdat hulle nie voorspoedig
was nie. Hulle vernedering, wat
tot onbepaalde tyd sal duur, sal
nie vergeet word nie.[j]

**12** Maar u, o Jehovah van die
leërs, ondersoek die regverdi-
ge;[k] u sien die niere en die hart.[l]
Laat my u wraak op hulle sien,[m]
want aan u het ek my regsaak
geopenbaar.[n]

**13** SING tot Jehovah! Loof Je-
hovah! Want hy het die siel van
die arme uit die hand van die
kwaaddoeners verlos.[o]

**14** Mag die dag waarop ek ge-
bore is, vervloek wees! Mag die
dag waarop my moeder aan my
geboorte gegee het, nie geseënd
wees nie![p] **15** Mag die man
vervloek wees wat vir my va-
der goeie nuus gebring en gesê
het: "Vir jou is 'n seun, 'n man-
like kind, gebore!" Hy het hom
beslis bly gemaak.[q] **16** En dié
man sal word soos stede wat Je-
hovah verwoes het sonder dat
Hy spyt gevoel het.[r] En hy sal
'n geskreeu in die oggend en
'n alarmsein op die middaguur
hoor.[s]

**17** Waarom het hy my nie
vir seker van die moederskoot
af doodgemaak, sodat my moe-
der my graf sou geword het en
haar skoot tot onbepaalde tyd
swanger sou gewees het nie?[a]
**18** Waarom het ek uit die moe-
derskoot voortgekom[b] om har-
de werk en droefheid te sien[c] en
om te sien dat my dae net in
skaamte sou eindig?[d]

**21** Die woord[e] wat van Je-
hovah tot Jeremia gekom
het toe koning Sedeki′a[f] Pas-
gur,[g] die seun van Malki′a, en
Sefan′ja,[h] die seun van Maäse′-
ja, die priester, na hom toe ge-
stuur het om te sê: **2** "Raad-
pleeg Jehovah asseblief ten
behoewe van ons,[i] want Nebu-
kadre′sar, die koning van Babi-
lon, voer oorlog teen ons.[j] Mis-
kien sal Jehovah met ons handel
volgens al sy wonderlike wer-
ke, sodat hy van ons af sal weg-
trek."[k]

**3** En Jeremia het vir hulle
gesê: "Só moet julle vir Sede-
ki′a sê: **4** 'Só het Jehovah, die
God van Israel, gesê: "Kyk, ek
keer die oorlogswapens om wat
in julle hand is, waarmee jul-
le veg teen die koning van Ba-
bilon[l] en teen die Galdeërs[m]
wat julle buite die muur beleër,
en ek sal hulle binne-in hier-
die stad versamel.[n] **5** En ek
sal teen julle veg[o] met 'n uit-
gestrekte hand en met 'n sterk
arm en met toorn en met woe-
de en met groot verontwaardi-
ging.[p] **6** En ek sal die inwo-
ners van hierdie stad verslaan,
die mense sowel as die diere.
Aan 'n groot pes sal hulle
sterf."'[q]

**7** "'"En daarna", is die woord
van Jehovah, "sal ek Sedeki′a,

k 1Sa 7:10; 2Kr 14:11; Ps 44:1; Ps 105:5; Jes 37:37; l Jer 32:5; Jer 33:5; m Esr 5:12; n Jes 13:4; Ese 16:37; o Jes 63:10; Klg 2:5; p Jes 5:25; Jer 32:17; q De 28:22; Jer 32:24; Ese 7:15.

HFST. 20
a 1Kn 19:4, Jon 1:3
b Job 32:18, Ps 39:3, Jer 6:11, Am 3:8, Han 4:20, Han 18:5
c Ps 31:13
d Ne 6:6, Spr 10:18, Lu 20:20
e Job 19:19, Ps 38:16, Ps 41:9
f Lu 11:54
g Jes 41:10, Jer 1:8, Ro 8:31
h Ps 47:2, Ps 66:5
i De 32:35, Ps 27:2, Jer 15:15, Jer 15:20, Jer 17:18
j Ps 6:10, Ps 35:26, Ps 40:14, Jer 23:40
k Ps 11:5, Ps 17:3, Jer 17:10
l Ps 7:9, Jer 11:20
m Ps 54:7, Ps 59:10, Jer 17:18
n Ps 62:8, 1Pe 2:23
o Ps 35:9, Ps 109:31
p Job 3:3, Jer 15:10
q Ps 127:3, Lu 1:58
r Ge 19:25, De 29:23, Am 4:11, 2Pe 2:6
s Jer 4:19, Jer 18:22, Sef 1:16

Tweede kol.
a Job 3:10, Job 10:18
b Job 3:20, Job 14:1
c Ps 90:10, Klg 3:1
d Jak 5:10

HFST. 21
e Ese 33:30
f 2Kn 24:18, 1Kr 3:15, 2Kr 36:10
g 1Kr 9:12, Jer 38:1
h 2Kn 25:18, Jer 29:25, Jer 37:3, Jer 52:24
i Rig 20:27, 2Kn 22:13
j 2Kn 25:1, Jer 32:28, Jer 39:1

die koning van Juda, en sy kneg-
te en die volk en dié wat in hier-
die stad oorbly van die pes, van
die swaard en van die honger-
snood, in die hand gee van Ne-
bukadre′sar, die koning van Ba-
bilon, ja, in die hand van hulle
vyande en in die hand van dié
wat hulle siel soek, en hy sal
hulle beslis met die skerpte van
die swaard slaan.[a] Hy sal nie
vir hulle jammer voel nie, en
ook sal hy geen medelye betoon
of enige barmhartigheid bewys
nie.” ’[b]

**8** “En vir hierdie volk moet
jy sê: ‘Só het Jehovah gesê:
“Kyk, ek hou julle die weg van
die lewe en die weg van die dood
voor.[c] **9** Wie in hierdie stad
bly sit, sal deur die swaard en
deur die hongersnood en deur
die pes sterf;[d] maar wie uitgaan
en oorloop na die Galdeërs wat
julle beleër, sal bly lewe, en sy
siel sal beslis vir hom ’n buit
word.” ’[e]

**10** “ ‘ “Want ek het my aange-
sig teen hierdie stad gerig ten
kwade en nie ten goede nie”,[f] is
die woord van Jehovah. “In die
hand van die koning van Ba-
bilon sal dit gegee word,[g] en
hy sal dit beslis met vuur ver-
brand.”[h]

**11** “ ‘En wat die huisgesin
van die koning van Juda betref,
HOOR tog die woord van Jeho-
vah.[i] **12** O huis van Dawid,[j] só
het Jehovah gesê: “Vel elke og-
gend[k] vonnis in geregtigheid,[l]
en verlos die beroofde uit die
hand van die bedrieër,[m] sodat
my woede nie uitgaan soos ’n
vuur[n] en brand en daar nie-
mand is om dit te blus nie,
weens die slegtheid van julle
handelinge.” ’[o]

**13** “ ‘Kyk, ek is teen jou, o
inwoonster van die laagvlakte,[p]
o rots van die gelykte’, is die
woord van Jehovah. ‘Wat julle
betref wat sê: “Wie sal teen ons
afkom? En wie sal in ons woon-
plekke inkom?”[a] **14** ook van
julle sal ek rekenskap eis[b] vol-
gens die vrug van julle hande-
linge’,[c] is die woord van Jeho-
vah. ‘En ek sal ’n vuur in haar
woud aansteek,[d] en dit sal beslis
alles rondom haar verteer.’ ”[e]

**22** Só het Jehovah gesê:
“Gaan af na die huis van
die koning van Juda, en daar
moet jy hierdie woord spreek.
**2** En jy moet sê: ‘Hoor die
woord van Jehovah, o koning
van Juda wat op die troon van
Dawid sit,[f] u en u knegte en u
volk, dié wat deur hierdie poor-
te inkom.[g] **3** Só het Jehovah
gesê: “OEFEN geregtigheid en
regverdigheid uit, en verlos die
beroofde uit die hand van die
bedrieër; en behandel geen in-
wonende vreemdeling, vaderlo-
se seun of weduwee sleg nie.[h]
Doen hulle geen geweld aan
nie.[i] En vergiet geen onskuldi-
ge bloed in hierdie plek nie.[j]
**4** Want as julle hierdie woord
vir seker uitvoer, dan sal deur
die poorte van hierdie huis
beslis die konings inkom wat
vir Dawid op sy troon sit,[k] wat
op strydwaens en op perde ry,
hy saam met sy knegte en sy
volk.” ’[l]

**5** “ ‘Maar as julle nie hier-
die woorde gehoorsaam nie, dan
sweer ek by myself’,[m] is die
woord van Jehovah, ‘dat hier-
die huis ’n verwoeste plek sal
word.’[n]

**6** “Want só het Jehovah oor
die huis van die koning van
Juda gesê: ‘Jy is vir my soos
Gi′lead, die hoof van die Li′ba-
non.[o] Waarlik, ek sal jou ’n wil-
dernis maak;[p] wat die stede be-

HFST. 21
a 2Kn 25:6, 2Kr 36:17, Jer 37:17, Jer 39:5, Jer 52:9, Ese 17:20
b De 28:50, 2Kr 36:17, Jes 47:6
c De 30:19, Jes 1:19
d Jer 27:13, Jer 38:2, Ese 7:15
e Jer 38:17, Jer 39:18, Jer 45:5
f Le 26:17, Ps 34:16, Jer 44:11, Ese 15:7, Am 9:4, 1Pe 3:12
g Jer 38:3
h 2Kr 36:19, Jer 17:27, Jer 34:2, Jer 37:10, Jer 39:8, Jer 52:13
i Jer 17:20
j Jes 7:2, Lu 1:69
k Ps 101:8
l 2Sa 8:15, Jes 1:17, Jer 7:5, Jer 22:3, Sag 7:9
m Ps 72:4, Spr 14:31, Ese 22:29, Mi 2:2
n De 32:22, Jer 4:4, Na 1:6, Sef 1:18
o Jes 1:31, Jer 7:20
p Jer 51:25, Ese 13:8

Tweede kol.
a 2Sa 5:6, Jer 49:4, Klg 4:12, Ob 3
b Jer 5:9, Jer 9:9
c Spr 1:31, Jes 3:11, Ga 6:7
d Jes 10:18
e 2Kr 36:19, Jer 52:13

HFST. 22
f Jer 13:13, Jer 17:25, Lu 1:32
g Jer 7:2, Jer 17:20
h Le 19:15, De 16:18, Jes 1:17, Jer 21:12, Ese 22:7, Ese 22:29, Mi 2:2, Sag 7:9
i Ps 94:6

j De 19:10; 2Kn 24:4; Jer 7:6; k 1Kn 2:12; l Jer 17:25; m Nu 23:19; De 32:40; Am 6:8; Heb 6:17; n Jer 39:8; Mi 3:12; Mal 3:5; o De 3:25; p Ps 107:34; Jes 27:10.

tref, nie een sal bewoon word
nie.[a] **7** En ek sal verwoesters
teen jou heilig,[b] elkeen en sy
wapens;[c] en hulle sal jou bes-
te seders afkap[d] en hulle in die
vuur laat val.[e] **8** En baie na-
sies sal by hierdie stad verby-
trek en vir mekaar sê: “Waar-
om het Jehovah so met hierdie
groot stad gedoen?”[f] **9** En
hulle sal moet sê: “Omdat hulle
die verbond van Jehovah hulle
God verlaat het[g] en hulle voor
ander gode neergebuig en hulle
gedien het.” ’[h]

**10** “MOENIE oor die dooie huil
nie,[i] en moenie met hom sim-
patiseer nie. Huil bitterlik oor
hom wat weggaan, want hy sal
nie meer terugkeer nie en hy sal
die land van sy familielede nie
sien nie. **11** Want só het Jeho-
vah gesê oor Sallum,[j] die seun
van Josi′a, die koning van Juda
wat in die plek van sy vader Jo-
si′a[k] regeer, wat uit hierdie plek
uitgegaan het: ‘Hy sal daar-
heen nie meer terugkeer nie.
**12** Want in die plek waarheen
hulle hom in ballingskap wegge-
voer het, sal hy sterf, en hierdie
land sal hy nie meer sien nie.’[l]

**13** “Wee hom wat sy huis
bou,[m] maar nie met regverdig-
heid nie, en sy bovertrekke,
maar nie met geregtigheid nie,
deur sy medemens uit te buit
wat verniet dien en wie se
loon hy nie aan hom gee nie;[n]
**14** wat sê: ‘Ek gaan vir my ’n
ruim huis en gerieflike bover-
trekke bou;[o] en my vensters
sal daarvoor verbreed word, en
die paneelwerk sal van seder-
hout wees[p] en gesmeer met ver-
miljoen.’[q] **15** Sal jy bly regeer
omdat jy deur die gebruik van
sederhout wedywer? Wat jou
vader betref, het hy nie geëet
en gedrink en geregtigheid en
regverdigheid uitgeoefen nie?[r]
Toe het dit met hom goed ge-
gaan.[a] **16** Hy het die wettige
eis van die geteisterde en die
arme verdedig.[b] Toe het dit
goed gegaan. ‘Was dít nie om-
dat hy my geken het nie?’ is die
woord van Jehovah. **17** ‘Waar-
lik, jou oë en jou hart is op niks
anders as op jou onregverdige
wins nie,[c] en op die bloed van
die onskuldige, om dit te ver-
giet,[d] en op kullery en op afper-
sing, om dit te beoefen.’

**18** “Daarom, só het Jehovah
gesê oor Jo′jakim,[e] die seun
van Josi′a, die koning van Juda:
‘Hulle sal nie oor hom wee-
klaag: “Ag, my broer! En ag,
my suster!” nie. Hulle sal nie
oor hom weeklaag: “Ag, o heer!
En ag, sy waardigheid!” nie.[f]
**19** Met ’n eselsbegrafnis sal hy
begrawe word,[g] rondgesleep en
weggegooi, ver buite die poorte
van Jerusalem.’[h]

**20** “Klim op die Li′banon[i] en
skreeu, en laat jou stem in Ba-
san[j] hoor. En skreeu van die
Aba′rim[k] af, want almal wat
jou intens liefhet, is verbreek.[l]
**21** Ek het met jou gepraat ty-
dens jou sorgeloosheid.[m] Jy het
gesê: ‘Ek sal nie gehoorsaam
nie.’[n] Dit was jou weg van jou
jeug af, want jy het nie my stem
gehoorsaam nie.[o] **22** ’n Wind
sal die herder van al jou her-
ders wees;[p] en wat dié betref
wat jou intens liefhet, hulle sal
in gevangenskap gaan.[q] Want in
dié tyd sal jy beskaamd staan
en beslis verneder voel weens al
jou rampspoed.[r] **23** O jy wat
op die Li′banon woon,[s] genestel
in die seders,[t] hoe sal jy tog sug
wanneer geboortepyne oor jou
kom,[u] die geboortepyne soos dié
van ’n vrou wat geboorte gee!”[v]

**24** “ ‘So waar as ek lewe, is
die woord van Jehovah, ‘al was
Gonja,[w] die seun van Jo′jakim,[x]

w 2Kn 24:6; 1Kr 3:16; Jer 22:28; Jer 37:1; Mt 1:11; x 2Kn 23:34.

HFST. 22

a Jes 6:11; Jes 24:1; Jer 7:34
b Jes 13:3
c Ese 9:1
d Jes 37:24
e Jer 21:14; Sag 11:1
f 1Kn 9:8; Klg 2:15
g De 29:25; Jer 31:32
h De 29:26; De 31:20; 2Kn 22:17; 2Kr 34:25
i 2Kn 22:20
j 1Kr 3:15
k 2Kn 23:30; 2Kr 36:1
l 2Kn 23:34; 2Kr 36:4
m 2Kn 23:35
n Le 19:13; De 24:14; Mi 3:10; Hab 2:9; Hab 2:12; Mal 3:5; Jak 5:4
o Jes 5:8
p Hag 1:4
q Ese 23:14
r 2Kn 22:2; 2Kn 23:25; 2Kr 34:2; Spr 21:3; Spr 31:9

Tweede kol.

a De 4:40; Ps 128:2; Jes 3:10; Jer 42:6
b Job 29:12; Ps 72:2; Jes 1:17
c Jos 7:21; Ps 10:3; Ps 119:37
d 2Kn 24:4
e 2Kn 23:34; 2Kr 36:4
f 2Sa 1:23; 1Kn 13:30
g 1Kn 21:23; Jer 36:30
h 2Kr 36:6
i Jes 35:2
j Ps 68:15
k De 32:49
l 2Kn 24:7
m 2Kr 36:15
n Jer 2:31; Jer 6:16
o De 9:7; Rig 2:11; Ne 9:16; Jer 3:25; Jer 7:24
p Jer 23:1; Ese 34:2; Sag 11:8
q 2Kn 24:7
r Jer 2:26
s Jer 22:6
t Jes 2:13; Ese 17:3
u Jer 6:24; Ho 7:14
v Jer 4:31

die koning van Juda, die seël-
ring[a] aan my regterhand, sou
ek jou daarvan afruk![b] **25** En
ek sal jou gee in die hand van
dié wat jou siel soek[c] en in die
hand van dié vir wie jy bang is
en in die hand van Nebukadre′-
sar, die koning van Babilon, en
in die hand van die Galdeërs.[d]
**26** En ek sal jou en jou moe-
der[e] wat aan jou geboorte gegee
het, wegslinger na ’n ander land
waarin julle nie gebore is nie, en
daar sal julle sterf.[f] **27** En na
die land waarna hulle hulle siel
sal ophef om terug te keer, daar-
heen sal hulle nie terugkeer
nie.[g] **28** Is hierdie man, Gon-
ja,[h] bloot ’n veragte, verpletter-
de vorm,[i] of ’n houer waarin nie-
mand behae skep nie?[j] Waarom
moet hy en sy nageslag neerge-
slinger en weggewerp word na
die land wat hulle nie geken het
nie?’[k]

**29** “O aarde, aarde, aarde,
hoor die woord van Jehovah.[l]
**30** Só het Jehovah gesê: ‘SKRYF
hierdie man op as kinderloos,[m]
as ’n man wat geen sukses in
sy dae sal behaal nie; want nie-
mand van sy nageslag sal enige
sukses behaal,[n] sodat hy op die
troon van Dawid sal sit[o] en nog
in Juda sal heers nie.’ ”

**23** “Wee die herders wat die
skape van my weiding
vernietig en verstrooi!”[p] is die
woord van Jehovah.

**2** Daarom, só het Jehovah,
die God van Israel, gesê teen die
herders wat my volk lei: “Julle
het my skape verstrooi; en julle
het hulle aanhoudend uiteenge-
dryf, en julle het nie julle aan-
dag op hulle gerig nie.”[q]

“Kyk, ek rig my aandag op
julle weens die slegtheid van
julle handelinge”,[r] is die woord
van Jehovah.

**3** “En ek sal die oorblyfsel
van my skape bymekaarmaak
uit al die lande waarheen ek
hulle verstrooi het,[a] en ek sal
hulle terugbring na hulle wei-
veld,[b] en hulle sal beslis vrug-
baar wees en baie word.[c] **4** En
ek sal herders oor hulle ver-
wek wat hulle sal lei;[d] en hulle
sal nie meer bang wees nie, en
ook sal hulle geensins met ver-
skrikking vervul word nie,[e] en
nie een sal vermis word nie”, is
die woord van Jehovah.

**5** “Kyk! Daar kom dae”, is die
woord van Jehovah, “en ek sal
vir Dawid ’n regverdige spruit
verwek.[f] En ’n koning sal beslis
regeer[g] en oordeelkundig han-
del en geregtigheid en regver-
digheid uitoefen in die land.[h]
**6** In sy dae sal Juda gered
word,[i] en Israel sal in veiligheid
woon.[j] En dít is sy naam waar-
mee hy genoem sal word: Jeho-
vah is ons regverdigheid.”[k]

**7** “Daarom, kyk! daar kom
dae”, is die woord van Jehovah,
“en hulle sal nie meer sê: ‘Jeho-
vah lewe, wat die kinders van Is-
rael uit Egipteland laat optrek
het’ nie,[l] **8** maar: ‘Jehovah le-
we, wat die nageslag van die
huis van Israel laat optrek en
laat kom het uit die land van die
noorde en uit al die lande waar-
heen ek hulle verstrooi het’, en
hulle sal beslis in hulle eie land
woon.”[m]

**9** Wat die profete betref, my
hart is gebreek in my binne-
ste. My hele gebeente het be-
gin bewe. Ek het soos ’n dronk
man geword,[n] en soos ’n man
wat deur die wyn oorweldig
is, weens Jehovah en weens
sy heilige woorde. **10** Want
die land het vol egbrekers[o] ge-
word.[p] Want weens die vloek

**HFST. 22**

a Hag 2:23
b Jer 22:6
c 2Kn 24:15, Jer 21:7, Jer 34:20
d 2Kn 24:11, 2Kn 24:16, Esr 5:12, Spr 10:24, Jer 24:1, Jer 27:20, Jer 29:2
e 2Kn 24:12
f 2Kn 24:15, 2Kr 36:10, Jer 15:2
g Jer 44:14, Jer 52:34
h Jer 22:24, Jer 37:1
i 1Sa 5:4
j Ps 31:12, Jer 48:38, Ho 8:8
k 2Kn 24:15, 1Kr 3:17
l De 4:26, De 32:1, Jes 1:2, Jes 34:1, Jer 6:19, Mi 1:2
m Mt 1:12
n 2Kr 36:10, Jer 36:30
o Lu 1:32

**HFST. 23**

p Jer 10:21, Jer 50:6, Ese 34:2, Sag 11:5, Mt 9:36
q Ese 34:5
r Ho 2:13, Mi 7:4

**Tweede kol.**

a Ps 106:47, Jes 11:11, Jes 35:10, Jer 29:14, Jer 31:8, Sag 10:8
b De 30:3, Jes 65:10, Jer 50:19, Ese 34:13, Ese 34:14, Mi 2:12
c De 30:5, Am 9:14
d Jer 3:15, Joh 21:15, Han 20:28, 1Pe 5:2
e Mi 5:8
f Jes 4:2, Jes 11:1, Jes 53:2, Jer 33:15, Sag 3:8, Mt 2:23, Joh 1:45
g Lu 1:32
h Ps 72:2, Jes 9:7, Jes 11:4, Jes 32:1

**i** 1Kn 4:25; Ho 1:7; Sag 10:6; **j** De 33:28; Ps 130:7; Jes 62:4; Jer 32:37; Sag 14:11; **k** Jes 54:17; Jer 33:16; **l** Jer 16:14; **m** Jes 27:12; Jes 43:5; Ese 34:13; Ese 36:24; Sef 3:20; **n** Ps 60:3; **o** Jer 3:9; Jer 9:2; Jer 13:27; Ese 16:32; Ho 7:4; **p** Jer 5:7; Ese 22:11; Ho 4:2.

het die land begin treur,[a] het
die weivelde van die wildernis
verdroog;[b] en hulle handelswy-
se is sleg, en hulle misbruik hul-
le mag.
**11** “Want die profeet sowel
as die priester is verontreinig.[c]
Ook in my huis het ek hulle
slegtheid gevind”,[d] is die woord
van Jehovah. **12** “Daarom sal
hulle weg vir hulle word soos
glibberige plekke[e] in die don-
ker, waarop hulle gestoot sal
word en beslis sal val.”[f]
“Want ek sal rampspoed oor
hulle bring, die jaar dat daar
aandag aan hulle geskenk
word”,[g] is die woord van Jeho-
vah. **13** “En by die profete van
Samari′a[h] het ek onbetaamlik-
heid gesien. Hulle het opgetree
as profete wat deur Baäl aange-
dryf word,[i] en hulle laat voort-
durend my volk, ja Israel, rond-
dwaal.[j] **14** En by die profete
van Jerusalem het ek afskuwe-
like dinge gesien:[k] hulle pleeg
egbreuk[l] en wandel in leuens;[m]
en hulle het die hande van die
kwaaddoeners versterk, sodat
hulle nie sou terugkeer,[n] elk-
een van sy slegtheid nie. Hulle
het almal vir my soos Sodom ge-
word,[o] en sy inwoners soos Go-
mor′ra.”[p]
**15** Daarom, só het Jehovah
van die leërs teen die profe-
te gesê: “Kyk, ek laat hulle als
eet, en ek sal hulle gifwater gee
om te drink.[q] Want van die pro-
fete van Jerusalem af het afval-
ligheid[r] oor die hele land uitge-
gaan.”
**16** Só het Jehovah van die
leërs gesê: “Moenie luister na
die woorde van die profete wat
vir julle profeteer nie.[s] Hul-
le laat julle nietig word.[t] Hul-
le spreek die visioen van hulle
eie hart[u]—nie uit die mond van
Jehovah nie.[v] **17** Hulle sê keer
op keer vir dié wat my minag:
‘Jehovah het gespreek: “Vrede
sal julle hê.” ’[a] En vir elkeen wat
in die wederstrewigheid van sy
hart wandel,[b] het hulle gesê:
‘Geen rampspoed sal oor jul-
le kom nie.’[c] **18** Want wie het
in die intieme[d] groep van Jeho-
vah gestaan, sodat hy sy woord
sou sien en hoor?[e] Wie het aan
sy woord aandag geskenk, sodat
hy dit sou hoor?[f] **19** Kyk! Die
windstorm van Jehovah, woede,
sal beslis uitgaan, ja, ’n dwar-
relstorm.[g] Op die hoof van die
goddeloses sal dit neerwarrel.[h]
**20** Die toorn van Jehovah sal
nie wyk totdat hy die idees van
sy hart uitgevoer het[i] en totdat
hy dit verwesenlik het nie.[j] Aan
die einde van die dae sal julle
met begrip daarop ag gee.[k]
**21** “Ek het die profete nie
gestuur nie, tog het hulle ge-
hardloop. Ek het nie met hulle
gepraat nie, tog het hulle gepro-
feteer.[l] **22** Maar as hulle in
my intieme[m] groep gestaan het,
dan sou hulle my volk my woor-
de laat hoor het, en hulle sou
hulle van hulle slegte weg en
van die slegtheid van hulle han-
delinge laat terugkeer het.”[n]
**23** “Is ek ’n God wat naby is”,
is die woord van Jehovah, “en
nie ’n God wat ver is nie?”[o]
**24** “Of kan enige mens in
skuilplekke verborge wees so-
dat ek hom nie sien nie?”[p] is die
woord van Jehovah.
“Vul ek nie die hemel en die
aarde nie?”[q] is die woord van Je-
hovah. **25** “Ek het gehoor wat
die profete gesê het wat in my
naam leuens profeteer[r] deur te
sê: ‘Ek het ’n droom gehad! Ek
het ’n droom gehad!’[s] **26** Hoe
lank sal dit bestaan in die hart
van die profete wat die leuens

**HFST. 23**
a Jes 24:4, Jer 12:4, Ho 4:3, Jl 1:10
b Ps 107:34, Jer 9:10, Jer 12:4
c Jes 28:7, Jer 5:31, Jer 6:13, Jer 8:10, Ese 22:25, Sef 3:4
d 2Kr 33:5, 2Kr 36:14, Jer 7:11, Ese 8:11, Ese 23:39
e Ps 35:6, Ps 73:18, Spr 4:19, Jer 13:16
f De 28:15
g Jer 8:12, Jer 11:23
h Ese 16:46
i Jer 2:8
j 2Kr 33:9, Jes 9:16
k Jer 18:13
l Jer 29:23
m Jer 14:14, Jer 23:26
n De 30:10, Mal 3:7
o Jes 3:9
p Ge 18:20, De 32:32, Jes 1:10, Jud 7
q Jer 8:14, Jer 9:15
r Spr 11:9, Jes 9:17, Jes 24:5
s Jer 27:9, Jer 29:8
t 2Kn 17:15, Jer 2:5
u Klg 2:14
v Jer 14:14, Jer 28:15, Ese 13:3, Ese 22:28

**Tweede kol.**
a Jer 4:10, Jer 6:14, Jer 8:11, Ese 13:10
b De 29:19, Jer 3:17
c Am 9:10, Mi 3:11
d Ps 25:14, Ps 89:7, Jer 23:22
e Am 3:7
f 2Kr 33:10
g Jes 5:25, Jer 25:32
h Rig 9:57, 1Sa 25:39, Ne 4:4, Jer 30:23, Jl 3:7, Ob 15
i Le 26:28, Sag 8:14
j Jer 30:24
k 1Kn 8:47

l Jer 14:14; Jer 27:15; Jer 29:9; m Job 29:4; Ps 15:1; Ps 25:14; Jer 23:18; n Jer 25:5; Jer 29:23; o Ps 113:6; Han 17:27; p Ge 16:13; Ps 90:8; Ps 139:7; Spr 15:3; Am 9:2; Heb 4:13; q Ps 139:7; Jes 66:1; r Jer 29:23; s De 13:1; De 18:20; Jer 27:9; Sag 10:2.

profeteer en wat profete is van
die bedrog van hulle hart?[a]
27 Hulle is daarop uit om my
volk my naam te laat vergeet
deur middel van hulle drome
wat hulle vir mekaar bly ver-
tel,[b] net soos hulle vaders my
naam deur middel van Baäl ver-
geet het.[c] 28 Laat die profeet
by wie daar ’n droom is, die
droom vertel; maar laat hom by
wie my woord is, my woord in
waarheid spreek.”[d]

“Wat het die strooi met die
graan te doen?”[e] is die woord
van Jehovah.

29 “Is my woord dan nie só,
soos ’n vuur”,[f] is die woord van
Jehovah, “en soos ’n smeeha-
mer wat die groot rots verbry-
sel nie?”[g]

30 “Daarom, kyk, ek is teen
die profete”,[h] is die woord van
Jehovah, “wat my woorde steel,
elkeen van sy metgesel.”[i]

31 “Kyk, ek is teen die pro-
fete”, is die woord van Jehovah,
“wat hulle tong gebruik om te
sê: ‘ ’n Uiting!’ ”[j]

32 “Kyk, ek is teen die pro-
fete van leuenagtige drome”, is
die woord van Jehovah, “wat dit
vertel en my volk laat rond-
dwaal weens hulle leuens[k] en
weens hulle geroem.”[l]

“Maar ek het hulle nie ge-
stuur of bevel gegee nie. Hul-
le sal dus geen voordeel vir
hierdie volk bring nie”,[m] is die
woord van Jehovah.

33 “En wanneer hierdie volk
of die profeet of priester jou vra
en sê: ‘Wat is die las van Jeho-
vah?’[n] dan moet jy vir hulle sê:
‘ “Julle is—ag, wat ’n las![o] En ek
sal julle beslis verlaat”,[p] is die
woord van Jehovah.’ 34 Wat
die profeet of die priester of die
volk betref wat sê: ‘Die las van
Jehovah!’, op dié man en op sy
huisgesin sal ek ook my aandag
rig.[q] 35 Só bly julle sê, elkeen
vir sy naaste en elkeen vir sy
broer: ‘Wat het Jehovah geant-
woord? En wat het Jehovah ge-
spreek?’[a] 36 Maar van die las[b]
van Jehovah moet julle geen
melding meer maak nie,[c] want
die las word vir elkeen sy eie
woord,[d] en julle het die woor-
de van die lewende God,[e] Jeho-
vah van die leërs, ons God, ver-
ander.

37 “Só sal jy vir die profeet
sê: ‘Watter antwoord het Jeho-
vah jou gegee? En wat het Jeho-
vah gespreek?[f] 38 En as julle
aanhou om “Die las van Jeho-
vah!” te sê—daarom, só het Je-
hovah gesê: “Omdat julle sê:
‘Hierdie woord is die las van
Jehovah’, toe ek na julle bly
stuur en gesê het: ‘Julle moenie
sê: “Die las van Jehovah!” nie’,
39 daarom, hier is ek! En ek
sal julle beslis aan verwaarlo-
sing oorgee,[g] en ek sal julle en
die stad wat ek aan julle en aan
julle voorvaders gegee het, ver-
stoot—weg van my aangesig.[h]
40 En ek sal julle smaad oplê
tot onbepaalde tyd en vernede-
ring tot onbepaalde tyd, wat nie
vergeet sal word nie.” ’ ”[i]

**24** En Jehovah het my ge-
toon, en kyk! twee mand-
jies vye wat voor die tempel
van Jehovah neergesit is, nadat
Nebukadre′sar, die koning van
Babilon, Jegon′ja,[j] die seun van
Jo′jakim,[k] die koning van
Juda, en die vorste van Juda
en die vakmanne[l] en die bou-
ers van verskansings uit Jeru-
salem in ballingskap weggevoer
het, om hulle na Babilon te
bring.[m] 2 Wat die een mand-
jie betref, die vye was baie goed,
soos vroeë vye;[n] en wat die an-
der mandjie betref, die vye was
baie sleg, te sleg om te eet.

3 En Jehovah het vir my ge-
sê: “Wat sien jy, Jeremia?” Toe

**HFST. 23**
a Jer 14:14 Jer 17:9
b De 13:2 Han 13:8
c Rig 3:7 2Kn 21:3
d Spr 14:5 Lu 12:42 2Ko 2:17
e Jes 41:16 Lu 3:17 1Ko 3:13
f Jes 30:27 Jer 5:14 Jer 20:9
g Heb 4:12
h De 18:20 Jer 14:15 Ese 13:2 Mt 24:24
i 2Sa 15:6 Ps 50:17
j Ese 13:7
k De 13:1 De 18:20 Sag 10:2
l Sef 3:4
m Jer 7:8 Klg 2:14 Mt 15:14
n Jer 17:15 Hab 1:1 Mal 1:1
o Nu 11:14
p De 31:17 Jer 12:7 Ho 9:12
q Mi 7:4

**Tweede kol.**
a Jer 31:34 Heb 8:11
b Eks 19:8 1Kr 9:33
c Ne 13:18
d Rig 17:6
e Jer 2:21 Jer 2:36
f Ese 18:25
g De 31:17 Ho 4:6
h Jer 23:33 Klg 5:20
i Jer 20:11 Jer 24:9 Jer 42:18 Da 9:16

**HFST. 24**
j 2Kn 24:12 Est 2:6 Ese 19:9
k 2Kn 24:6 1Kr 3:16 Jer 22:24
l 2Kn 24:16
m Jer 29:2
n Jes 28:4 Ho 9:10

het ek gesê: “Vye; die goeie vye
is baie goed, en die slegtes is
baie sleg, te sleg om te eet.”[a]
4 Toe het die woord van Je-
hovah tot my gekom en gesê:
5 “Só het Jehovah, die God van
Israel, gesê: ‘Soos hierdie goeie
vye, so sal ek die ballinge van
Juda, wat ek uit hierdie plek na
die land van die Galdeërs sal
wegstuur,[b] ten goede aansien.[c]
6 En ek sal my oog ten goede op
hulle rig,[d] en ek sal hulle beslis
na hierdie land laat terugkeer.[e]
En ek sal hulle opbou, en ek sal
nie afbreek nie; en ek sal hulle
plant, en ek sal nie uitruk nie.[f]
7 En ek sal hulle ’n hart gee om
my te ken,[g] dat ek Jehovah is;
en hulle sal my volk word,[h] en
ek sal hulle God word, want hul-
le sal tot my terugkeer met hul-
le hele hart.[i]
8 “ ‘En soos die slegte vye
wat te sleg is om te eet,[j] ja,
só het Jehovah gesê: “So sal ek
Sedeki′a,[k] die koning van Juda,
maak en sy vorste en die oor-
blyfsel van Jerusalem wat in
hierdie land oorgebly het[l] en
dié wat in Egipteland woon[m]—
9 ek sal hulle ook ’n voorwerp
van bewing, van rampspoed,
maak in al die koninkryke van
die aarde,[n] ’n smaad en ’n
spreekwoord, ’n spot[o] en ’n ver-
vloeking,[p] in al die plekke waar-
heen ek hulle sal verstrooi.[q]
10 En ek sal die swaard,[r] die
hongersnood[s] en die pes[t] teen
hulle stuur, totdat hulle aan
hulle einde kom in die land wat
ek aan hulle en aan hulle voor-
vaders gegee het.” ’ ”[u]

**25** Die woord wat tot Jere-
mia gekom het oor die
hele volk van Juda in die vier-
de jaar van Jo′jakim,[v] die seun
van Josi′a, die koning van Juda,
dit wil sê die eerste jaar van Ne-
bukadre′sar, die koning van Ba-
bilon; 2 wat die profeet Jere-
mia gespreek het oor die hele
volk van Juda en oor al die in-
woners van Jerusalem, deur
te sê:
3 “Vanaf die dertiende jaar
van Josi′a,[a] die seun van Amon,
die koning van Juda, en tot van-
dag toe, dié drie-en-twintig jaar
het die woord van Jehovah tot
my gekom, en ek het tot jul-
le gespreek, ja, vroeg opgestaan
en gespreek, maar julle het nie
geluister nie.[b] 4 En Jehovah
het al sy knegte, die profete, na
julle toe gestuur, ja, vroeg op-
gestaan en hulle gestuur, maar
julle het nie geluister nie,[c] en
ook het julle nie julle oor ge-
neig om te luister nie,[d] 5 ter-
wyl hulle sê: ‘Keer asseblief te-
rug, elkeen van sy slegte weg en
van die slegtheid van julle han-
delinge,[e] en woon in die land
wat Jehovah al lank gelede en
tot ver in die toekoms aan jul-
le en aan julle voorvaders gegee
het.[f] 6 En moenie agter ander
gode aan loop om hulle te dien
en julle voor hulle neer te buig
nie, sodat julle my nie aanstoot
gee met die werk van julle han-
de nie en sodat ek nie ramp-
spoed oor julle bring nie.’[g]
7 “ ‘Maar julle het nie na my
geluister nie’, is die woord van
Jehovah, ‘met die bedoeling om
my aanstoot te gee met die
werk van julle hande, tot ramp-
spoed vir julle.’[h]
8 “Daarom, só het Jehovah
van die leërs gesê: ‘ “Omdat jul-
le nie my woorde gehoorsaam
het nie, 9 laat ek al die fami-
lies van die noorde haal”,[i] is die
woord van Jehovah, “selfs Ne-
bukadre′sar, die koning van Ba-
bilon, my kneg,[j] en ek sal hulle

**HFST. 24**
a Jer 24:8
b Jer 25:11
c Jer 29:10
d 2Kr 16:9; 1Pe 3:12
e Esr 1:3; Jer 12:15; Jer 23:3; Jer 29:10; Ese 36:24
f Jer 1:10; Jer 30:18; Jer 32:41; Jer 33:7
g De 30:6; Jer 31:33; Ese 11:19
h Jer 30:22; Jer 32:38; Ese 14:11; Sag 8:8; Heb 8:10
i 1Kn 8:48; Jer 29:13
j Jer 29:17
k 2Kn 25:7; Ese 12:13
l Le 26:39
m Jer 43:7; Jer 44:1; Jer 46:13
n Jer 15:4; Jer 34:17
o De 28:37; 1Kn 9:7; 2Kr 7:20; Ps 44:13
p De 28:15; De 29:27; Jer 26:6; Jer 29:22
q De 28:64; Jer 29:18
r Le 26:33; Jer 9:16
s Jer 14:15; Jer 15:2
t De 28:59; Ese 7:15
u De 28:63

**HFST. 25**
v 2Kn 24:1; Jer 36:1; Jer 46:2; Da 1:1

**Tweede kol.**
a Jer 1:2
b 2Kr 36:15; Ps 81:13; Jer 7:13; Jer 11:7; Jer 13:10; Jer 16:12
c Jer 7:13; Jer 29:19; Jer 44:4
d Sag 7:11; Han 7:51
e 2Kn 17:13; Jes 55:7; Jer 18:11; Jer 35:15; Ese 18:30; Ese 33:11; Jon 3:8; Sag 1:4; Mal 3:7; 2Pe 3:9
f Ps 105:11

g Eks 20:5; De 6:15; Jos 24:20; h De 32:21; 2Kn 17:17; Ne 9:26; Jer 7:19; Jer 32:30; Jer 44:5; i Le 26:25; Jes 5:26; Jer 1:15; Jer 5:15; j Jer 27:6; Jer 43:10; Ese 29:18.

bring teen hierdie land[a] en teen
sy inwoners en teen al hierdie
nasies rondom;[b] en ek sal hulle
aan vernietiging oorgee en hul-
le ’n voorwerp van verbasing
maak en iets om oor te fluit[c]
en verwoeste plekke tot onbe-
paalde tyd.[d] **10** En ek sal uit
hulle die geluid van verheuging
en die geluid van blydskap,[e]
die stem van die bruidegom en
die stem van die bruid,[f] die ge-
luid van die handmeul[g] en die
lig van die lamp laat verdwyn.[h]
**11** En hierdie hele land sal ’n
verwoeste plek word, ’n voor-
werp van verbasing, en hierdie
nasies sal die koning van Babi-
lon sewentig jaar lank moet
dien.” ’[i]

**12** “ ‘En wanneer sewentig
jaar vervul is,[j] sal ek van die ko-
ning van Babilon en van daar-
die nasie rekenskap eis’,[k] is die
woord van Jehovah, ‘vir hulle
oortreding, ja, van die land van
die Galdeërs,[l] en ek sal dit tot
onbepaalde tyd verlate woeste-
nye maak.[m] **13** En ek sal oor
daardie land al my woorde bring
wat ek daarteen gespreek het,
ja, alles wat in hierdie boek ge-
skrywe staan wat Jeremia teen
al die nasies geprofeteer het.[n]
**14** Want ook hulle, baie nasies
en groot konings,[o] het hulle as
knegte uitgebuit;[p] en ek sal hul-
le vergeld volgens hulle dade en
volgens die werk van hulle han-
de.’ ”[q]

**15** Want só het Jehovah, die
God van Israel, vir my gesê:
“Neem hierdie beker van die
wyn van woede uit my hand,
en jy moet al die nasies na wie
toe ek jou stuur, dit laat drink.[r]
**16** En hulle sal drink en heen
en weer skud en soos waansin-
niges optree weens die swaard
wat ek onder hulle stuur.”[s]

**17** En ek het die beker uit die
hand van Jehovah geneem en al
die nasies laat drink na wie
toe Jehovah my gestuur het:[a]
**18** naamlik Jerusalem en die
stede van Juda en sy konings,
sy vorste, om hulle ’n verwoes-
te plek te maak, ’n voorwerp
van verbasing,[b] iets om oor te
fluit en ’n vervloeking, soos
dit vandag is;[c] **19** Farao, die
koning van Egipte, en sy kneg-
te en sy vorste en sy hele volk;[d]
**20** en die hele gemengde gesel-
skap, en al die konings van
die land Us,[e] en al die konings
van die land van die Filisty-
ne[f] en As′kelon[g] en Gasa[h] en
Ekron[i] en die oorblyfsel van
Asdod;[j] **21** Edom[k] en Moab[l]
en die kinders van Ammon;[m]
**22** en al die konings van Tirus[n]
en al die konings van Sidon[o] en
die konings van die eiland wat
in die seestreek is; **23** en De-
dan[p] en Tema[q] en Bus en al-
mal wie se hare aan die slape
weggeknip is;[r] **24** en al die ko-
nings van die Arabiere[s] en al
die konings van die gemeng-
de geselskap wat in die wilder-
nis woon; **25** en al die konings
van Simri en al die konings van
Elam[t] en al die konings van die
Mede;[u] **26** en al die konings
van die noorde wat naby en ver
is, die een ná die ander, en al die
ander koninkryke van die aar-
de wat op die oppervlak van die
aarde is; en die koning van Se-
sag[v] sal ná hulle drink.

**27** “En jy moet vir hulle sê:
‘Só het Jehovah van die leërs,
die God van Israel, gesê: “Drink
en word dronk en braak en val
sodat julle nie kan opstaan nie[w]
weens die swaard wat ek onder
julle stuur.” ’[x] **28** En as hulle
weier om die beker uit jou hand

HFST. 25

a De 28:49, Jer 5:15, Ese 7:24, Am 6:14
b Ese 26:7, Ese 29:19, Hab 1:6
c Jer 19:8
d 1Kn 9:7, Jer 18:16
e Jes 24:7, Ese 26:13
f Jer 7:34, Jer 16:9
g Op 18:22
h Op 18:23
i 2Kr 36:21, Da 9:2, Sag 1:12, Sag 7:5
j De 30:3, Esr 1:1, Jer 29:10
k Jes 13:1, Jes 14:4, Jes 47:1, Jer 51:1, Da 5:26, Da 5:30
l 2Kn 24:1
m Jes 13:19, Jes 14:23
n Jer 1:5, Jer 1:10
o Jer 50:9, Jer 51:27
p Jes 14:2, Jer 50:41, Jer 51:7, Hab 2:8
q Ps 137:8, Jer 50:29, Jer 51:6, Jer 51:24, Op 18:6
r Job 21:20, Ps 75:8, Jes 51:17, Jer 25:26, Op 14:10, Op 16:19
s Jer 51:7, Klg 4:21, Ese 23:34, Na 3:11

Tweede kol.

a Jer 1:10, Jer 27:3, Jer 51:7
b 2Kn 22:19, Jer 24:9
c Esr 9:7, Jer 44:22
d Jer 46:2, Ese 29:2, Ese 32:31
e Job 1:1
f Jes 14:31, Jer 47:1, Ese 25:15, Am 1:8, Sef 2:5, Sag 9:6
g Jer 47:5, Sef 2:4
h Jos 13:3
i Sag 9:5
j Jes 20:1
k Jes 34:5, Jer 49:17, Ese 35:15

l Jer 48:1; Ese 25:8; m Jer 49:1; Ese 25:2; Am 1:13; n Jes 23:15; Ese 28:2; o Jer 27:3; Jer 47:4; Ese 32:30; p Jes 21:13; Jer 49:8; Ese 25:13; q Jes 21:14; r Jer 9:26; Jer 49:32; s 2Kr 9:14; Jer 49:31; t Jer 49:34; Ese 32:24; u Jer 51:11; v Jer 51:41; w Jes 63:6; Klg 4:21; Hab 2:16; x Ese 21:4.

te neem om te drink, dan moet
jy vir hulle sê: ‘Só het Jehovah
van die leërs gesê: “Julle sal vir
seker drink.[a] **29** Want kyk!
oor die stad waaroor my naam
uitgeroep is, begin ek ramp-
spoed bring,[b] en sal julle enig-
sins ongestraf bly?” ’[c]

“ ‘Julle sal nie ongestraf bly
nie, want ek roep ’n swaard
teen al die bewoners van die
aarde’, is die woord van Jeho-
vah van die leërs.

**30** “En wat jou betref, jy sal
al hierdie woorde vir hulle pro-
feteer, en jy moet vir hulle
sê: ‘Uit die hoogte sal Jehovah
brul,[d] en uit sy heilige woon-
plek sal hy sy stem laat hoor.[e]
Vir seker sal hy oor sy woon-
plek brul. ’n Gejuig soos van
dié wat die wynpers trap, sal
hy teen al die bewoners van die
aarde aanhef.’[f]

**31** “ ‘ ’n Geraas sal beslis tot
by die verste deel van die aar-
de kom, want Jehovah het ’n ge-
skil met die nasies.[g] Hy sal per-
soonlik in die gerig tree met
alle vlees.[h] Wat die goddelo-
ses betref, hy sal hulle aan die
swaard oorgee’,[i] is die woord
van Jehovah.

**32** “Só het Jehovah van die
leërs gesê: ‘Kyk! ’n Rampspoed
gaan uit van nasie tot nasie,[j]
en ’n groot storm sal uit die
mees afgeleë dele van die aar-
de opgewek word.[k] **33** En dié
wat deur Jehovah omgebring is,
sal dié dag beslis van die een
einde van die aarde tot die an-
der einde van die aarde lê.[l] Daar
sal nie oor hulle geweeklaag
word nie, en ook sal hulle nie
versamel of begrawe word nie.[m]
Soos mis op die oppervlak van
die aarde sal hulle word.’[n]

**34** “Weeklaag, o herders, en
skreeu![o] En rol rond,[p] o voor-
aanstaandes van die kudde,[q]
want julle dae om geslag en ver-
strooi te word, is vervul,[a] en jul-
le sal val soos ’n begeerlike
houer![b] **35** En ’n toevlugsoord
is vir die herders verlore, en
’n uitweg vir die vooraanstaan-
des van die kudde.[c] **36** Luis-
ter! Die geskreeu van die her-
ders en die geweeklaag van die
vooraanstaandes van die kud-
de, want Jehovah plunder hul-
le weiding. **37** En die vreed-
same woonplekke is leweloos
gemaak weens die brandende
toorn van Jehovah.[d] **38** Hy
het sy skuilplek verlaat soos ’n
jong maanhaarleeu,[e] want hulle
land het ’n voorwerp van verba-
sing geword weens die verdruk-
kende swaard en weens sy bran-
dende toorn.”[f]

**26** In die begin van die ko-
ninklike heerskappy van
Jo′jakim,[g] die seun van Josi′a,
die koning van Juda, het hier-
die woord van Jehovah gekom
en gesê: **2** “Só het Jehovah ge-
sê: ‘Gaan staan in die voorhof
van die huis van Jehovah,[h] en
jy moet aangaande al die ste-
de van Juda wat kom om hulle
by die huis van Jehovah neer te
buig, al die woorde spreek wat
ek jou sal beveel om tot hulle te
spreek.[i] Moenie ’n enkele woord
wegneem nie.[j] **3** Miskien sal
hulle luister en terugkeer, elk-
een van sy slegte weg,[k] en ek
sal moet spyt voel oor die ramp-
spoed wat ek dink om oor hul-
le te bring weens die slegtheid
van hulle handelinge.[l] **4** En jy
moet vir hulle sê: “Só het Je-
hovah gesê: ‘As julle nie na
my luister deur in my wet te
wandel[m] wat ek julle voorge-
hou het nie,[n] **5** deur te luis-
ter na die woorde van my kneg-
te, die profete, wat ek na julle
toe stuur, ja, vroeg opstaan en
stuur, na wie julle nie geluister

HFST. 25

a Ps 75:8
b 1Kn 9:7; Jer 7:14; Da 9:18; 1Pe 4:17
c Spr 11:31; Jer 49:12; Ob 16
d Jes 42:13; Jl 3:16; Am 1:2
e Ps 11:4; Ps 132:14
f Jes 16:9; Jer 48:33
g Jes 34:8; Ho 4:1; Ho 12:2; Mi 6:2
h Ese 18:30; Ese 20:35; Jl 3:2
i Spr 2:22; Jes 66:16; Am 9:10
j Jes 34:2; Jer 25:17
k Jes 30:30; Jes 66:15; Jer 23:19; Jer 30:23; Sef 3:8
l Jes 34:3; Jes 66:16; Jer 12:12
m Ps 79:3; Jes 14:19
n Ps 83:10; Jes 5:25; Jer 8:2; Jer 9:22
o Jer 4:8
p Jer 6:26
q Ese 34:17

Tweede kol.

a Jes 33:1
b Jer 22:28
c Jer 32:4; Jer 52:8; Am 2:14
d Jes 27:10
e Ho 5:14
f Jer 25:12

HFST. 26

g 2Kn 23:34; 2Kr 36:4; Jer 1:3; Jer 25:1; Jer 35:1; Jer 36:1
h Jer 19:14; Joh 18:20; Han 5:20
i Jes 58:1; Jer 1:7
j De 4:2; Han 20:27; Op 22:19
k Jes 1:16; Jes 55:7; Jer 36:3; Ese 18:27
l 1Kn 21:29; Jer 18:8
m Le 26:14; De 28:15
n Jer 44:10

het nie,[a] **6** dan sal ek hierdie huis soos die een in Silo maak,[b] en hierdie stad sal ek 'n vervloeking vir al die nasies van die aarde maak.' " ' "[c]

**7** En die priesters en die profete en die hele volk het Jeremia hierdie woorde in die huis van Jehovah hoor spreek.[d] **8** En toe Jeremia klaar alles gespreek het wat Jehovah hom beveel het om tot die hele volk te spreek, het die priesters en die profete en die hele volk hom gegryp en gesê: "Jy sal sekerlik sterf.[e] **9** Waarom het jy in die naam van Jehovah geprofeteer en gesê: 'Hierdie huis sal soos die een in Silo[f] word, en hierdie stad sal verwoes word om sonder inwoner te wees'?" En die hele volk het om Jeremia bly bymekaarkom in die huis van Jehovah.

**10** Na 'n ruk het die vorste van Juda hierdie woorde gehoor, en hulle het uit die huis van die koning opgekom na die huis van Jehovah[g] en in die ingang van die nuwe poort van Jehovah gaan sit.[h] **11** En die priesters en die profete het vir die vorste en vir die hele volk begin sê: "Hierdie man verdien die doodsvonnis,[i] want hy het oor hierdie stad geprofeteer soos julle met julle eie ore gehoor het."[j]

**12** Daarop het Jeremia vir al die vorste en vir die hele volk gesê: "Dit was Jehovah wat my gestuur het om oor hierdie huis en oor hierdie stad al die woorde te profeteer wat julle gehoor het.[k] **13** En maak nou julle weë en julle handelinge goed,[l] en gehoorsaam die stem van Jehovah julle God, en Jehovah sal spyt voel oor die rampspoed wat hy teen julle gespreek het.[m] **14** En wat my betref, kyk, ek is in julle hand.[a] Doen met my wat goed en wat reg is in julle oë.[b] **15** Maar julle moet vir seker weet dat julle onskuldige bloed oor julle en oor hierdie stad en oor sy inwoners bring as julle my doodmaak,[c] want Jehovah het my inderdaad na julle toe gestuur om al hierdie woorde voor julle ore te spreek."[d]

**16** Toe het die vorste[e] en die hele volk vir die priesters en vir die profete gesê: "Hierdie man verdien geen doodsvonnis nie,[f] want in die naam van Jehovah ons God het hy met ons gespreek."[g]

**17** Verder het sekere van die ouer manne van die land opgestaan en vir die hele gemeente van die volk begin sê:[h] **18** "Miga[i] van More'set[j] het in die dae van Hiski'a, die koning van Juda,[k] geprofeteer en vir die hele volk van Juda gesê: 'Só het Jehovah van die leërs gesê: "Sion sal soos 'n land omgeploeg word,[l] en Jerusalem sal puinhope word,[m] en die berg van die Huis sal die hoogtes van 'n woud word." '[n] **19** Het Hiski'a, die koning van Juda, en almal van Juda hom ooit doodgemaak? Het hy Jehovah nie gevrees en die aangesig van Jehovah versag,[o] sodat Jehovah begin spyt voel het oor die rampspoed wat hy teen hulle gespreek het nie?[p] Ons bewerk dus groot rampspoed teen ons siel.[q]

**20** "En daar was ook 'n man wat in die naam van Jehovah geprofeteer het, Uri'a, die seun van Sema'ja, uit Kir'jat-Jea'rim.[r] En hy het teen hierdie stad en teen hierdie land bly profeteer ooreenkomstig al die woorde van Jeremia. **21** En koning Jo'jakim[s] en al sy sterk manne en al die vorste het sy

**HFST. 26**
a 2Kn 17:13, Jer 7:13, Jer 11:7, Jer 25:3
b Ps 78:60, Jer 7:12
c Jer 24:9
d Jer 26:2
e Ps 37:32, Am 5:10
f Ps 78:60
g Jer 38:4
h 2Kn 15:35, 2Kr 27:3, Jer 36:10
i Jer 18:20, Mt 26:66
j Jer 26:2, Jer 38:4
k Jer 1:17
l Jer 7:3, Jer 35:15
m Ps 103:10, Jer 18:8, Jer 36:3, Ese 18:32, Jon 3:9

**Tweede kol.**
a Jos 9:25, Jer 38:5
b 2Sa 15:26
c Nu 35:33, De 19:10, Spr 6:17
d Jer 1:17, Jer 26:2
e Jer 36:19
f Spr 16:7, Jer 38:9
g Jak 5:10
h Han 5:34
i Mi 1:1
j Mi 1:14
k 2Kr 29:1
l Ps 79:1
m Jer 9:11
n Mi 3:12
o 2Kr 32:26
p Eks 32:14, 2Sa 24:16
q Nu 35:33, Han 5:39
r Jos 15:60, Jos 18:14, 1Sa 7:2
s 2Kn 23:34, 2Kr 36:5

woorde te hore gekom, en die
koning het hom toe probeer
doodmaak.[a] Toe Uri′a daarvan
te hore kom, het hy dadelik
bang geword[b] en gevlug en in
Egipte gekom. **22** Maar ko-
ning Jo′jakim het manne na
Egipte gestuur, El′natan, die
seun van Agbor,[c] en ander man-
ne saam met hom na Egipte.
**23** En hulle het Uri′a uit Egipte
gebring en hom na koning Jo′ja-
kim gebring, wat hom toe met
die swaard doodgemaak het[d] en
sy lyk in die begraafplaas van
die kinders van die volk gegooi
het.”

**24** Ook was die hand van
Ahi′kam,[e] die seun van Safan,[f]
met Jeremia, sodat hy nie in die
hand van die volk gegee is om
hom te laat doodmaak nie.[g]

**27** In die begin van die ko-
ninkryk van Jo′jakim, die
seun van Josi′a,[h] die koning van
Juda, het hierdie woord van Je-
hovah tot Jeremia gekom en ge-
sê: **2** “Só het Jehovah vir my
gesê: ‘Maak vir jou stroppe en
jukke,[i] en jy moet dit op jou nek
sit.[j] **3** En jy moet dit stuur
na die koning van Edom[k] en
na die koning van Moab[l] en na
die koning van die kinders van
Ammon[m] en na die koning van
Tirus[n] en na die koning van Si-
don,[o] deur die hand van die
boodskappers wat na Jerusa-
lem, na Sedeki′a, die koning van
Juda, kom. **4** En jy moet hulle
’n bevel vir hulle here gee en sê:

“‘“Só het Jehovah van die
leërs, die God van Israel,[p] gesê;
só moet julle vir julle here sê:
**5** ‘Ek het die aarde,[q] die mense[r]
en die diere[s] wat op die opper-
vlak van die aarde is, deur my
groot krag[t] en deur my uitge-
strekte arm[u] gemaak; en ek het
dit gegee aan wie dit reg was
in my oë.[v] **6** En nou het ek al
hierdie lande gegee in die hand
van Nebukadne′sar, die koning
van Babilon,[a] my kneg;[b] en selfs
die wilde diere van die veld het
ek aan hom gegee om hom te
dien.[c] **7** En al die nasies sal
hom en sy seun en sy klein-
seun dien,[d] totdat die tyd ook
vir sy land kom,[e] en baie nasies
en groot konings sal hom as ’n
kneg uitbuit.’[f]

**8** “‘“‘En die nasie en die ko-
ninkryk wat hom, ja, Nebukad-
ne′sar, die koning van Babilon,
nie sal dien nie, en wat sy nek
nie onder die juk van die koning
van Babilon sal sit nie—met
die swaard[g] en met die honger-
snood[h] en met die pes[i] sal ek my
aandag op dié nasie rig’, is die
woord van Jehovah, ‘totdat ek
deur sy hand ’n einde aan hulle
gemaak het.’[j]

**9** “‘“‘En wat julle betref,
moenie luister na julle profe-
te[k] en na julle waarsêers en
na julle dromers[l] en na julle be-
oefenaars van die toorkuns en
na julle towenaars[m] nie, wat
vir julle sê: “Julle sal nie die
koning van Babilon dien nie.”[n]
**10** Want hulle profeteer leuens
vir julle, om julle ver van julle
land te laat wegvoer; en ek sal
julle moet verstrooi, en julle sal
moet omkom.[o]

**11** “‘“‘En wat die nasie be-
tref wat sy nek onder die juk
van die koning van Babilon sal
bring en hom sal dien, dié sal ek
ook rustig in sy land laat bly’, is
die woord van Jehovah, ‘en hul-
le sal dit beslis bewerk en daar-
in woon.’”’”[p]

**12** Selfs met Sedeki′a,[q] die
koning van Juda, het ek oor-
eenkomstig al hierdie woorde

HFST. 26
a 2Kr 16:10
b 1Kn 19:3, Spr 29:25, Mt 10:28
c 2Kn 22:12, Jer 36:12
d Jer 2:30, Mt 23:31, 1Te 2:15
e 2Kn 22:12, 2Kr 34:20, Jer 39:14, Jer 40:5
f 2Kn 22:10
g 1Kn 18:4, Han 23:10

HFST. 27
h 2Kn 23:24
i Jer 28:10
j Ese 4:1, Ese 24:3
k Ese 25:12, Am 1:9, Ob 1
l 2Kn 3:4, Jer 48:1, Ese 25:8, Am 2:1
m Jer 25:21, Jer 49:1, Ese 25:2, Am 1:13
n Jes 23:1, Jer 47:4, Ese 26:3, Am 1:10, Sag 9:3
o Jes 23:4, Jer 25:22, Ese 28:21, Jl 3:4
p Eks 5:1, Jer 10:10
q Ps 102:25, Ps 115:15, Ps 146:6, Jes 44:24, Jes 45:12, Jer 51:19
r Ge 1:26, Ge 2:7, Jes 42:5, Han 17:26
s Ge 1:24
t Ge 1:2
u Ps 136:12, Jer 32:17
v Ge 1:29, Ps 115:16, Da 4:17

Tweede kol.
a Jer 28:14, Da 2:37
b Jer 25:9, Jer 43:10, Ese 29:18
c Ps 50:10, Jer 28:14, Da 2:38
d 2Kr 36:20, Jer 25:11
e Ps 137:8, Jer 25:12, Jer 50:14, Jer 50:27, Da 5:26
f Jer 25:14, Jer 51:11

g 2Kn 25:7; Jer 21:9; Jer 42:16; Ese 26:8; h 2Kn 25:3; Klg 4:9; i Jer 32:24; j Jer 24:10; k De 18:20; Jes 8:19; l Jer 29:8; m Jes 47:12; n Jer 28:2; Jer 28:11; o Jer 28:16; p Jer 38:2; Jer 40:9; Jer 42:10; q 2Kn 24:17; 1Kr 3:15; 2Kr 36:10; Jer 37:1.

gespreek[a] en gesê: “Bring jul-
le nekke onder die juk
van die koning van Babilon en
dien hom en sy volk en bly le-
we.[b] **13** Waarom moet u en u
volk deur die swaard,[c] deur die
hongersnood[d] en deur die pes[e]
sterf, volgens wat Jehovah ge-
spreek het tot die nasie wat
nie die koning van Babilon dien
nie? **14** En moenie luister na
die woorde van die profete nie,
wat vir julle sê: ‘Julle sal nie die
koning van Babilon dien nie’,[f]
want hulle profeteer leuens vir
julle.[g]

**15** “ ‘Want ek het hulle nie
gestuur nie’, is die woord van
Jehovah, ‘maar hulle profeteer
vals in my naam, sodat ek julle
sal verstrooi,[h] en julle sal moet
vergaan,[i] julle en die profete
wat vir julle profeteer.’ ”[j]

**16** En met die priesters en
met hierdie hele volk het ek
gepraat en gesê: “Só het Jeho-
vah gesê: ‘Moenie luister na
die woorde van julle profete
nie, wat vir julle profeteer en
sê: “Kyk! Die voorwerpe van
die huis van Jehovah word nou
binnekort uit Babilon terug-
gebring!”[k] Want hulle profe-
teer leuens vir julle.[l] **17** Moe-
nie na hulle luister nie. Dien
die koning van Babilon en bly
lewe.[m] Waarom moet hierdie
stad ’n verwoeste plek word?[n]
**18** Maar as hulle profete is en
as die woord van Jehovah by
hulle is, laat hulle asseblief Je-
hovah van die leërs smeek[o] dat
die voorwerpe wat in die huis
van Jehovah en die huis van die
koning van Juda en in Jerusa-
lem oorgebly het, nie in Babilon
kom nie.’

**19** “Want só het Jehovah van
die leërs gesê oor die pilare[p] en
oor die see[q] en oor die waen-
tjies[r] en oor die res van die
voorwerpe wat in hierdie stad
oorgebly het,[a] **20** wat Nebu-
kadne′sar, die koning van Ba-
bilon, nie saamgeneem het toe
hy Jegon′ja,[b] die seun van Jo′-
jakim, die koning van Juda, uit
Jerusalem in ballingskap na Ba-
bilon weggevoer het nie, saam
met al die edeles van Juda en Je-
rusalem;[c] **21** want só het Je-
hovah van die leërs, die God
van Israel, gesê oor die voor-
werpe wat in die huis van Jeho-
vah en die huis van die koning
van Juda en Jerusalem oorge-
bly het:[d] **22** ‘ “Na Babilon sal
dit gebring word[e] en daar sal dit
bly tot die dag dat ek my aandag
daarop rig”,[f] is die woord van Je-
hovah. “En ek sal dit gaan haal
en dit na hierdie plek terug-
bring.” ’ ”[g]

**28** En in dié jaar, in die be-
gin van die koninkryk
van Sedeki′a,[h] die koning van
Juda, in die vierde jaar, in die
vyfde maand, het Hanan′ja,[i] die
seun van Assur, die profeet wat
uit Gi′beon[j] was, in die huis van
Jehovah voor die oë van die
priesters en van die hele volk
vir my gesê: **2** “Só het Jeho-
vah van die leërs, die God van
Israel, gesê: ‘Ek sal die juk
van die koning van Babilon ver-
breek.[k] **3** Binne nog twee vol-
le jare bring ek na hierdie plek
al die voorwerpe van die huis
van Jehovah terug wat Nebu-
kadne′sar, die koning van Babi-
lon,[l] uit hierdie plek geneem
het om dit na Babilon te bring.’ ”
**4** “ ‘En Jegon′ja,[m] die seun van
Jo′jakim,[n] die koning van Juda,
en al die ballinge van Juda wat
na Babilon gegaan het,[o] bring
ek na hierdie plek terug’, is die
woord van Jehovah, ‘want ek sal
die juk[p] van die koning van Ba-
bilon verbreek.’ ”

HFST. 27
a 2Kr 36:12
b Spr 1:33; Jer 38:20
c De 28:63; Ese 18:31; Ese 33:11
d De 28:53; Ese 14:21
e De 28:61; Jer 38:2
f Jer 37:19
g Jer 14:14; Jer 23:21; Jer 28:15; Jer 29:8; Ese 13:6
h De 28:64
i Le 26:38; De 30:18
j 1Kn 22:23; Jer 20:6; Jer 29:21; Ese 13:3
k 2Kn 24:13; 2Kr 36:7; Jer 28:3; Da 1:2
l Jer 14:13
m Jer 27:11
n Le 26:33; Jer 38:17; Jer 38:23
o 1Kn 18:24; Jer 7:16
p 1Kn 7:15; 2Kn 25:17; 2Kr 4:12; Jer 52:21
q 1Kn 7:23; 2Kn 25:13
r 1Kn 7:27; 2Kn 25:16; 2Kr 4:14; Jer 52:17

Tweede kol.
a 2Kn 25:14; 2Kr 36:18
b 2Kn 24:15; 2Kr 36:10; Jer 22:28
c 2Kn 24:14; Jer 24:1; Jer 29:1; Da 1:3
d 2Kr 36:10
e 2Kn 25:13; 2Kr 36:18; Jer 52:18; Da 5:3
f 2Kr 36:21; Esr 1:7; Jer 29:10
g De 30:3; Esr 5:14; Esr 7:19

HFST. 28
h 2Kn 24:17; 2Kr 36:10
i Jer 28:11
j Jos 11:19; 2Sa 21:2
k Jer 27:8; Mi 3:11
l 2Kn 24:13; Jer 27:16; Da 1:2

**m** 2Kn 24:8; 2Kn 25:27; Est 2:6; Jer 22:24; Jer 37:1; **n** 2Kn 23:36; 2Kn 24:6; **o** 2Kn 24:14; Jer 24:1; **p** Jer 30:8.

**5** En die profeet Jeremia het
voor die oë van die priesters en
voor die oë van die hele volk
wat in die huis van Jehovah ge-
staan het, vir die profeet Ha-
nan′ja gesê;[a] **6** ja, die profeet
Jeremia het gesê: “Amen![b] Mag
Jehovah so doen! Mag Jehovah
jou woorde bevestig wat jy ge-
profeteer het, deur die voor-
werpe van die huis van Jehovah
en al die ballinge uit Babilon
na hierdie plek terug te bring![c]
**7** Maar hoor asseblief hierdie
woord wat ek voor jou ore en
voor die ore van die hele volk
spreek.[d] **8** Wat die profete be-
tref wat voor my en voor jou
was, van lankal af,[e] hulle het
ook oor baie lande en oor groot
koninkryke geprofeteer, van
oorlog en van rampspoed en
van pes.[f] **9** Wat die profeet be-
tref wat van vrede profeteer,[g]
wanneer die woord van die pro-
feet bewaarheid word, sal die
profeet bekend word wat Jeho-
vah waarlik gestuur het.”[h]

**10** Toe het die profeet Ha-
nan′ja die juk van die nek van
die profeet Jeremia afgeneem
en dit gebreek.[i] **11** En Ha-
nan′ja[j] het voor die oë van die
hele volk gesê: “Só het Jehovah
gesê:[k] ‘Net so sal ek binne nog
twee volle jare die juk van Ne-
bukadne′sar, die koning van Ba-
bilon, verbreek van die nek van
al die nasies af.’ ”[l] En die profeet
Jeremia het weggegaan.[m]

**12** Toe het die woord van Je-
hovah tot Jeremia gekom,[n] na-
dat die profeet Hanan′ja die juk
van die nek van die profeet Je-
remia afgeneem en gebreek het,
en gesê: **13** “Gaan, en jy moet
vir Hanan′ja sê: ‘Só het Jeho-
vah gesê: “Houtjukke[o] het jy ge-
breek, en in die plek daarvan
sal jy ysterjukke[p] moet maak.”
**14** Want só het Jehovah van die
leërs, die God van Israel, gesê:
“ ’n Ysterjuk sal ek op die nek
van al hierdie nasies sit, om Ne-
bukadne′sar, die koning van Ba-
bilon, te dien;[a] en hulle sal hom
dien.[b] En selfs die wilde diere
van die veld sal ek aan hom
gee.” ’ ”[c]

**15** En die profeet Jeremia
het vir die profeet Hanan′ja[d] ge-
sê: “Luister asseblief, o Ha-
nan′ja! Jehovah het jou nie ge-
stuur nie, maar jy het hierdie
volk op ’n leuen laat vertrou.[e]
**16** Daarom, só het Jehovah ge-
sê: ‘Kyk! Ek stuur jou weg van
die oppervlak van die aarde af.
Vanjaar sal jy sterf,[f] want jy het
openlike opstand teen Jehovah
verkondig.’ ”[g]

**17** En die profeet Hanan′ja
het in dié jaar, in die sewende
maand, gesterf.[h]

**29** En dit is die woorde van
die brief wat die profeet
Jeremia uit Jerusalem gestuur
het aan die oorblywende ouer
manne van die ballinge en aan
die priesters en aan die profe-
te en aan die hele volk wat
Nebukadne′sar uit Jerusalem in
ballingskap na Babilon wegge-
voer het,[i] **2** nadat koning Je-
gon′ja[j] en die dame[k] en die
hofbeamptes, die vorste van
Juda en Jerusalem,[l] en die vak-
manne en die bouers van ver-
skansings[m] uit Jerusalem weg
is. **3** Deur die hand van Ela′-
sa, die seun van Safan,[n] en Ge-
mar′ja, die seun van Hilki′a, wat
Sedeki′a,[o] die koning van Juda,
na Babilon, na Nebukadne′sar,
die koning van Babilon, gestuur
het, het dit gekom en gesê:

**4** “Só het Jehovah van die
leërs, die God van Israel, gesê
vir al die ballinge wat ek uit Je-
rusalem in ballingskap na Babi-
lon laat gaan het:[p] **5** ‘Bou hui-
se en bewoon dit, en lê tuine
aan en eet die vrugte daarvan.[q]

**HFST. 28**
a Jer 7:2, Jer 19:14, Jer 26:2
b 1Kn 1:36, Ps 41:13, Jer 11:5, 2Ko 1:20
c Jer 28:3
d 1Kn 22:28
e De 4:26, De 28:15
f 1Kn 22:8, Jon 3:6
g Jer 6:14, Jer 14:13, Ese 13:10
h De 18:22
i Ps 10:13, Jer 27:2
j Jer 28:1
k 1Kn 13:18, 2Kr 18:10, Jer 23:17, Jer 29:9
l Jer 28:4
m Spr 14:7, Spr 26:4
n Jer 29:30
o Jer 27:2, Jer 28:10
p De 28:48

**Tweede kol.**
a De 28:49
b De 28:48, Jer 5:19, Jer 27:7
c Jer 27:6, Da 2:38
d Jer 28:1
e De 13:1, Jer 14:14, Jer 23:21, Jer 27:15, Jer 29:31, Ese 13:3, Sag 13:3, Lu 6:26
f De 18:20, 1Sa 2:34
g De 13:5, Jer 29:32
h 2Kn 7:17

**HFST. 29**
i 2Kn 24:15, Jer 24:1
j 2Kn 24:8, 2Kr 36:9, Jer 22:24, Jer 27:20, Jer 28:4
k 2Kn 24:12, Jer 22:26
l 2Kn 24:14
m 2Kn 24:16
n 2Kn 22:8, Jer 26:24, Jer 39:14, Ese 8:11
o 2Kn 24:18, 2Kr 36:11
p De 28:41, Jer 24:5
q Jer 29:28

**6** Neem vrouens en word die
vader van seuns en dogters;[a] en
neem vrouens vir julle seuns en
gee julle dogters aan mans, so-
dat hulle aan seuns en dogters
geboorte kan gee; en word daar
baie, en moenie min word nie.
**7** Soek ook die vrede van die
stad waarheen ek julle in bal-
lingskap laat gaan het, en bid
daarvoor tot Jehovah, want in
die vrede daarvan sal daar vir
julle vrede wees.[b] **8** Want só
het Jehovah van die leërs, die
God van Israel, gesê: "Laat jul-
le profete wat onder julle is en
julle waarsêers julle nie bedrieg
nie,[c] en moenie luister na hul-
le drome wat hulle droom nie.[d]
**9** Want 'op grond van leuens
profeteer hulle vir julle in my
naam. Ek het hulle nie gestuur
nie',[e] is die woord van Jeho-
vah." ' "

**10** "Want só het Jehovah ge-
sê: 'Wanneer sewentig jaar in
Babilon vervul is, sal ek my aan-
dag op julle rig,[f] en ek sal my
goeie woord teenoor julle beves-
tig deur julle na hierdie plek te-
rug te bring.'[g]

**11** " 'Want ek weet goed wat-
ter gedagtes ek teenoor julle
koester',[h] is die woord van Je-
hovah, 'gedagtes van vrede en
nie van rampspoed nie,[i] om jul-
le 'n toekoms en 'n hoop te gee.[j]
**12** En julle sal my beslis aan-
roep en kom en tot my bid, en ek
sal na julle luister.'[k]

**13** " 'En julle sal my soek en
vind,[l] want julle sal my met jul-
le hele hart soek.[m] **14** En ek
sal my deur julle laat vind',[n] is
die woord van Jehovah. 'En ek
sal julle groep gevangenes ver-
samel en julle bymekaarmaak
uit al die nasies en uit al die
plekke waarheen ek julle ver-
strooi het',[o] is die woord van Je-
hovah. 'En ek sal julle terug-
bring na die plek waarvandaan
ek julle in ballingskap laat gaan
het.'[a]

**15** "Maar julle het gesê: 'Je-
hovah het vir ons profete in Ba-
bilon verwek.'

**16** "Want só het Jehovah ge-
sê vir die koning wat op die
troon van Dawid sit[b] en vir die
hele volk wat in hierdie stad
woon, julle broers wat nie saam
met julle in ballingskap gegaan
het nie:[c] **17** 'Só het Jehovah
van die leërs gesê: "Kyk, ek
stuur die swaard,[d] die honger-
snood[e] en die pes[f] teen hulle, en
ek sal hulle soos die oopgebars-
te vye maak wat te sleg is om te
eet." '[g]

**18** " 'En ek sal hulle met die
swaard, met die hongersnood
en met die pes agtervolg, en ek
sal hulle 'n voorwerp van be-
wing maak vir al die koninkry-
ke van die aarde,[h] 'n vloek
en 'n voorwerp van verbasing
en iets om oor te fluit en 'n
smaad onder al die nasies waar-
heen ek hulle beslis sal ver-
strooi,[i] **19** omdat hulle nie na
my woorde geluister het nie', is
die woord van Jehovah, 'waar-
mee ek my knegte, die profe-
te, na hulle toe gestuur het,
ja, vroeg opgestaan en hulle ge-
stuur het.'[j]

" 'Maar julle het nie geluister
nie',[k] is die woord van Jehovah.

**20** "En wat julle betref, hoor
die woord van Jehovah, al jul-
le ballinge[l] wat ek uit Jeru-
salem na Babilon weggestuur
het.[m] **21** Só het Jehovah van
die leërs, die God van Israel, ge-
sê oor Agab, die seun van Kola′-
ja, en vir Sedeki′a, die seun van
Maäse′ja, wat vir julle leuens
profeteer in my naam:[n] 'Kyk, ek
gee hulle in die hand van Nebu-

**HFST. 29**

a Ge 1:28, Ge 9:7
b Esr 6:10, Esr 7:23, 1Ti 2:2
c Jer 14:14, Jer 23:21, Jer 27:14, Ef 5:6
d De 13:3
e Jer 23:21, Jer 28:15
f 2Kr 36:21, Esr 1:1, Jer 27:22, Da 9:2, Sag 1:12, Sag 7:5
g De 30:3, Esr 2:1, Jer 24:6
h Job 23:13, Ps 33:11, Ps 40:5
i Sef 3:15
j Jer 31:17
k Ps 10:17, Jes 30:19, Da 9:3, Joh 9:31
l Le 26:40, 1Kn 8:47, Mt 7:7
m De 4:29, De 30:2, 1Kn 8:48, Jer 24:7
n De 4:7, Jes 55:6
o De 30:4, Jes 49:25, Jer 23:3, Jer 30:3, Ese 39:28, Jl 3:1

**Tweede kol.**

a Ps 126:1, Ho 6:11, Am 9:14, Sef 3:20
b Jer 22:2, Jer 28:1
c 2Kn 24:14
d Le 26:33, Jer 24:10
e De 28:53, Jer 15:2
f De 28:61, Jer 34:17
g Jer 24:2, Jer 24:8
h Le 26:33, De 28:25, 2Kr 29:8, Jer 15:4, Jer 24:10, Jer 34:17
i De 29:24, 1Kn 9:8, 2Kr 7:21, Ps 44:11, Jer 24:9, Jer 25:9, Klg 2:15
j Jer 7:13, Jer 25:4, Jer 32:33
k Jer 6:19, Jer 26:5, Han 28:27
l 2Kn 24:14

**m** Jer 24:5; Mi 4:10; **n** Jer 14:14; Jer 29:8; Klg 2:14; 2Pe 2:1.

kadre′sar, die koning van Babi-
lon, en hy sal hulle voor julle oë
doodmaak.[a] **22** En aan hulle
sal ’n vervloeking beslis ontleen
word deur die hele groep bal-
linge van Juda wat in Babilon is,
deurdat daar gesê sal word:
“Mag Jehovah jou soos Sede-
ki′a en soos Agab maak,[b] wat
deur die koning van Babilon in
die vuur gebraai is!”[c] **23** om-
dat hulle verstandeloosheid in
Israel bedryf het[d] en voortdu-
rend egbreuk met die vrouens
van hulle metgeselle pleeg[e] en
valslik in my naam die woord
spreek wat ek hulle nie beveel
het nie.[f]

“‘“En ek is die Een wat weet
en is ’n getuie”,[g] is die woord
van Jehovah.’”

**24** “En vir Sema′ja[h] van Ne-
he′lam moet jy sê: **25** ‘Só het
Jehovah van die leërs, die God
van Israel, gesê: “Omdat jy in
jou naam briewe gestuur het[i]
aan die hele volk wat in Jerusa-
lem is, en aan Sefan′ja,[j] die seun
van Maäse′ja, die priester, en
aan al die priesters, waarin jy
gesê het: **26** ‘Jehovah het jou
as priester aangestel in die plek
van die priester Jo′jada, om die
groot opsiener van die huis van
Jehovah[k] te word ten opsigte
van elke man wat kranksinnig
geword het[l] en hom soos ’n pro-
feet gedra, en jy moet hom in
die blok en in die nekboei sit;[m]
**27** waarom het jy dan nou nie
vir Jeremia van A′natot,[n] wat
hom by julle soos ’n profeet
gedra,[o] bestraf nie? **28** Want
daarom het hy na ons in Babilon
gestuur en gesê: “Dit duur nog
lank! Bou huise en bewoon dit,
en lê tuine aan en eet die vrug-
te daarvan[p]—”’”’”

**29** En die priester Sefan′ja[q]
het hierdie brief voor die ore
van die profeet Jeremia gelees.
**30** Toe het die woord van Je-
hovah tot Jeremia gekom en
gesê: **31** “Stuur na al die bal-
linge[a] en sê: ‘Só het Jehovah
oor Sema′ja van Nehe′lam ge-
sê: “Omdat Sema′ja vir julle ge-
profeteer het, maar ek hom
nie gestuur het nie, en hy jul-
le op leuens wou laat vertrou,[b]
**32** daarom, só het Jehovah ge-
sê: ‘Kyk, ek rig my aandag op
Sema′ja[c] van Nehe′lam en op sy
nageslag.’[d]

“‘“‘Hy sal niemand hê wat
onder hierdie volk woon nie;[e]
en hy sal die goeie wat ek vir
my volk doen, nie aanskou nie’,[f]
is die woord van Jehovah, ‘want
hy het openlike opstand teen
Jehovah gespreek.’”’”[g]

**30** Die woord wat van Je-
hovah tot Jeremia gekom
en gesê het: **2** “Só het Jeho-
vah, die God van Israel, ge-
sê: ‘Skryf vir jou in ’n boek al
die woorde wat ek tot jou sal
spreek.[h] **3** Want “kyk! daar
kom dae”, is die woord van Jeho-
vah, “en ek sal die gevangenes
van my volk, Israel en Juda, ver-
samel”,[i] het Jehovah gesê, “en
ek sal hulle terugbring na die
land wat ek aan hulle voorva-
ders gegee het, en hulle sal dit
beslis weer in besit neem.”’”[j]

**4** En dit is die woorde wat Je-
hovah tot Israel en tot Juda ge-
spreek het. **5** Want só het Je-
hovah gesê: “Ons het die geluid
van bewing gehoor, angs,[k] en
daar is geen vrede nie. **6** VRA
asseblief en kyk of ’n man ge-
boorte gee. Waarom het ek elke
man met sy hande op sy len-
dene gesien soos ’n vrou wat
geboorte gee,[l] en het alle ge-
sigte bleek geword?[m] **7** Wee!
Want dié dag is groot,[n] sonder

**HFST. 29**
a Jer 52:27
b De 29:20; Jes 65:15
c Da 3:6
d Jer 23:14
e Jer 7:9; Ho 4:2
f Jer 27:15
g Spr 5:21; Jer 16:17; Jer 23:24; Mal 3:5; Heb 4:13
h Jer 29:31
i 1Kn 21:8; 2Kr 32:17; Ne 6:5
j 2Kn 25:18; Jer 21:1; Jer 29:29; Jer 37:3; Jer 52:24
k Nu 3:32; Nu 4:16; Jer 20:1
l 2Kn 9:11; Ho 9:7
m 2Kr 16:10; Jer 20:2; Han 16:24
n Jer 1:1
o 1Sa 10:6; 1Sa 19:20; Jer 43:2
p Jer 29:5
q 2Kn 25:18; Jer 21:1; Jer 52:24

**Tweede kol.**
a 2Kn 24:14; Jer 29:20
b Jer 14:14; Jer 23:21; Jer 28:15; Ese 13:8; 2Pe 2:1
c Jer 29:24
d Eks 20:5; Eks 34:7; Jer 20:6
e 1Sa 2:30
f Spr 12:19
g Jer 28:16

**HFST. 30**
h Jer 36:2; Jer 51:60; Da 7:1; Hab 2:2; Ro 15:4
i De 30:3; Ps 53:6; Jer 27:22; Jer 29:14; Ese 39:25; Jl 3:1; Am 9:14
j Jos 14:1; Esr 2:1; Jer 16:15; Jer 32:44; Ese 20:42
k Jer 6:23
l Jes 13:8; Jer 4:31; Jer 6:24; Mi 4:9
m Jes 29:22

n Jl 2:11; Am 5:18; Sef 1:14.

gelyke,[a] en dit is die tyd van be-
noudheid vir Jakob.[b] Maar hy
sal daaruit gered word."

**8** "En in dié dag", is die
woord van Jehovah van die
leërs, "sal ek sy juk verbreek
van jou nek af, en jou stroppe
sal ek in twee breek,[c] en vreem-
delinge sal hom nie meer as
'n kneg uitbuit nie. **9** En hul-
le sal beslis Jehovah hulle God
dien en hulle koning Dawid,[d]
wat ek vir hulle sal verwek."[e]

**10** "En wat jou betref, moe-
nie bang wees nie, o my kneg Ja-
kob", is die woord van Jehovah,
"en moenie met verskrikking
vervul wees nie, o Israel.[f] Want
kyk, ek red jou uit ver plekke
en jou nageslag uit die land van
hulle gevangenskap.[g] En Jakob
sal beslis terugkeer en rus ge-
niet en gerus wees, en daar sal
niemand wees wat bewing ver-
oorsaak nie."[h]

**11** "Want ek is met jou", is
die woord van Jehovah, "om jou
te red;[i] maar ek sal al die na-
sies uitroei waarheen ek jou
verstrooi het.[j] Maar jou sal ek
nie uitroei nie.[k] En ek sal jou in
die regte mate moet teregwys,
aangesien ek jou geensins onge-
straf sal laat bly nie."[l]

**12** Want só het Jehovah gesê:
"Daar is geen genesing vir jou
breuk nie.[m] Jou wond is onge-
neeslik.[n] **13** Wat jou sweer be-
tref, daar is niemand wat jou
saak bepleit nie.[o] Daar is geen
geneesmiddel, geen genesing,
vir jou nie.[p] **14** Almal wat jou
intens liefhet, hulle het jou ver-
geet.[q] Dit is nie na jou dat hul-
le bly soek nie. Want met die
slag van 'n vyand het ek jou
geslaan,[r] met die tugtiging van
iemand wat wreed is,[s] weens die
oorvloed van jou oortredings;[t]
jou sondes het talryk geword.[u]
**15** Waarom skreeu jy weens
jou verbreking?[a] Jou pyn is on-
geneeslik weens die oorvloed
van jou oortredings; jou son-
des het talryk geword.[b] Ek het
jou hierdie dinge aangedoen.
**16** Daarom sal almal wat jou
verslind, verslind word;[c] en wat
al jou teenstanders betref, in
gevangenskap sal hulle almal
gaan.[d] En dié wat jou plunder,
sal beslis geplunder word, en al-
mal wat jou beroof, sal ek oor-
gee om beroof te word."[e]

**17** "Want ek sal vir jou ge-
nesing teweegbring, en van jou
wonde sal ek jou genees",[f] is
die woord van Jehovah. "Want
'n weggejaagde vrou het hulle
jou genoem:[g] 'Dit is Sion, na wie
niemand soek nie.' "[h]

**18** Só het Jehovah gesê:
"Kyk, ek versamel die gevange-
nes van die tente van Jakob,[i] en
oor sy wonings sal ek my ont-
ferm. En die stad sal op sy puin-
hoop herbou word;[j] en op sy
regmatige plek sal die woon-
toring staan.[k] **19** En uit hul-
le sal daar beslis danksegging
uitgaan en die geluid van dié
wat lag.[l] En ek sal hulle verme-
nigvuldig, en hulle sal nie min
word nie;[m] en ek sal hulle tal-
ryk maak, en hulle sal nie on-
beduidend word nie.[n] **20** En
sy seuns sal soos in vroeër tye
word, en voor my sal sy ver-
gadering stewig gevestig word.[o]
En ek sal my aandag op al sy
onderdrukkers rig.[p] **21** En sy
vooraanstaande sal beslis uit
hom kom,[q] en uit sy midde sal
sy heerser voortkom;[r] en ek sal
hom laat nader kom, en hy moet
na my toe kom."[s]

"Want wie is hy tog wat sy
hart verpand het om na my toe

**HFST. 30**
**a** Klg 1:12; Da 12:1; Mt 24:21
**b** Ho 12:2
**c** Jes 9:4; Jes 10:27
**d** Jes 55:3; Ese 34:23; Ho 3:5
**e** Ese 37:24; Lu 1:69; Han 2:30; Han 13:23
**f** Jes 41:13; Jes 43:5; Jes 44:2
**g** Jes 49:25; Jer 3:18
**h** Jer 33:16; Jer 46:27; Ese 34:25; Ho 2:18; Mi 4:4
**i** Jer 46:27; Ese 11:17
**j** Jes 47:11; Jer 50:29; Jer 51:24
**k** Le 26:44; Ne 9:31; Ps 78:38; Klg 3:22; Ese 20:17; Am 9:8
**l** Eks 34:7; Ps 6:1; Jer 10:24; Jer 46:28
**m** 2Kr 36:16; Jes 6:10; Jer 8:21
**n** Jer 15:18
**o** Ps 106:23
**p** Jer 8:22
**q** Klg 1:2; Klg 1:19
**r** Klg 2:5
**s** De 28:50
**t** Ps 90:8
**u** Jer 5:6

**Tweede kol.**
**a** Jer 15:18
**b** 2Kr 36:14; Ne 9:26
**c** Eks 23:22; Jes 33:1; Jes 41:11; Jer 10:25; Jer 25:12; Jer 50:29
**d** Jer 51:56; Mi 5:9
**e** Sag 2:9
**f** Ps 102:13; Ps 103:3; Jer 33:6; Ho 6:1
**g** Ps 44:13
**h** Ne 4:3; Klg 2:15
**i** Ps 85:1; Jer 24:6; Jer 29:10
**j** Mi 4:8
**k** Ps 48:3
**l** Esr 3:12; Ne 8:17; Jes 35:10; Jes 51:11; Jer 31:4

**m** De 30:5; Jes 27:6; Jer 33:22; Sag 10:8; **n** Jes 60:22; Mi 4:7; Sef 3:19; **o** Ps 102:28; Jes 1:26; **p** Jes 49:26; Jer 50:18; **q** Ge 49:10; **r** Jes 9:6; **s** Nu 16:5; Ps 110:1; Da 7:13; Mt 3:17; Heb 9:24.

te kom?”[a] is die woord van Jeho-
vah. **22** “En julle sal beslis my
volk word,[b] en ek sal julle God
word.”[c]

**23** Kyk! ’n Windstorm van
Jehovah, woede, het uitgegaan,
’n meesleurende orkaan.[d] Op
die hoof van die goddeloses sal
dit neerwarrel.[e] **24** Die bran-
dende toorn van Jehovah sal nie
wyk totdat hy die idees van sy
hart verwesenlik het en totdat
hy dit uitgevoer het nie.[f] Aan
die einde van die dae sal julle
daarop ag gee.[g]

**31** “In dié tyd”, is die woord
van Jehovah, “sal ek God
word vir al die families van Is-
rael; en wat hulle betref, hulle
sal my volk word.”[h]

**2** Só het Jehovah gesê: “Die
volk wat uit oorlewendes van
die swaard bestaan, het in die
wildernis guns gevind,[i] toe Is-
rael getrek het om sy rus te
kry.”[j] **3** Van ver af het Jeho-
vah aan my verskyn en gesê:
“En met ’n liefde tot onbepaalde
tyd het ek jou liefgehad.[k] Daar-
om het ek jou met liefderyke
goedhartigheid getrek.[l] **4** Ek
sal jou weer herbou en jy sal
herbou word,[m] o maagd van Is-
rael. Jy sal jou weer met jou
tamboeryne versier en uitgaan
in die dans van dié wat lag.[n]
**5** Jy sal weer wingerde plant
op die berge van Samari′a.[o] Die
planters sal beslis plant en dit
begin gebruik.[p] **6** Want daar
is ’n dag waarop dié wat in
die bergstreek van E′fraim op
die uitkyk staan, sal uitroep:
‘STAAN OP, en laat ons opgaan na
Sion, na Jehovah ons God.’ ”[q]

**7** Want só het Jehovah ge-
sê: “ROEP Jakob hard toe met
blydskap, en JUIG aan die hoof
van die nasies.[r] VERKONDIG dit.[s]
BRING lof en SÊ: ‘Red, o Jeho-
vah, u volk, die oorblyfsel van
Israel.’[a] **8** Kyk, ek bring hul-
le uit die land van die noorde,[b]
en ek sal hulle bymekaarmaak
uit die mees afgeleë dele van die
aarde.[c] Onder hulle sal die blin-
des en die kreupeles wees, die
swanger vrou en die een wat ge-
boorte gee, almal saam.[d] As ’n
groot gemeente sal hulle hier-
heen terugkeer.[e] **9** Met ge-
huil sal hulle kom,[f] en met hul-
le dringende versoeke om guns
sal ek hulle bring. Ek sal hulle
na stroomvalleie met water laat
gaan,[g] op ’n regte weg waarop
hulle nie sal struikel nie. Want
ek het vir Israel ’n Vader ge-
word;[h] en wat E′fraim betref, hy
is my eersgeborene.”[i]

**10** Hoor die woord van Jeho-
vah, o nasies, en vertel dit op die
eilande ver weg,[j] en sê: “Die Een
wat Israel verstrooi, sal hom by-
mekaarmaak,[k] en hy sal hom
beslis bewaak soos ’n herder sy
kudde.[l] **11** Want Jehovah sal
Jakob loskoop[m] en hom terug-
eis uit die hand van die een wat
sterker is as hy.[n] **12** En hulle
sal beslis kom en met vreugde
uitroep op die hoogte van Sion[o]
en straal oor die goedheid van
Jehovah,[p] oor die graan en oor
die nuwe wyn[q] en oor die olie en
oor die lammers van die klein-
vee en die kalwers van die bees-
te.[r] En hulle siel sal word soos ’n
tuin wat goed natgelei word,[s] en
hulle sal verder nie meer weg-
kwyn nie.”[t]

**13** “In dié tyd sal die maagd
haar in die dans verbly, ook
die jong manne en die ou man-
ne, almal saam.[u] En ek sal hulle
rou in vreugde verander, en ek
sal hulle vertroos en hulle bly
maak deur hulle droefheid weg

HFST. 30
a De 30:6; Jer 24:7; Mr 12:30; Ro 2:29; 2Ti 2:22
b Ese 11:20; Ho 2:23; Op 21:3
c Jer 31:1; Ese 36:28; Heb 8:10
d Spr 1:27; Jer 25:32
e Rig 9:57; Spr 16:4
f Job 23:13; Jes 14:24; Jer 4:28
g Ge 49:1; Jer 23:20; Ese 38:8

HFST. 31
h Le 26:12; Jer 30:22; Jer 31:33; Heb 8:10
i De 1:31
j Nu 10:33; Ps 95:11; Jes 63:14; Heb 4:8
k De 7:8; Mal 1:2
l Ho 11:4
m Jer 1:10; Jer 30:18; Jer 33:7; Am 9:11
n Eks 15:20; Rig 11:34; Ps 149:3; Jer 30:19
o Am 9:14; Mi 4:4
p De 30:9; Jes 65:21
q Esr 1:5; Ps 126:1; Jes 2:3; Jer 50:5; Mi 4:2
r De 32:43; Ps 96:3; Jes 44:23; Ro 15:10
s Jes 12:5; Am 3:9; Han 26:23

Tweede kol.
a Jes 1:9; Jer 23:3; Jl 2:32; Ro 9:27; Ro 11:5
b Jes 43:6; Jer 3:12; Jer 23:8
c De 30:4; Ese 20:34; Ese 34:12; Jak 1:1
d Jes 35:6; Jes 42:16
e Esr 2:64
f Jer 50:4
g Jes 35:7; Jes 49:10
h De 32:6

i Ge 48:14; Eks 4:22; j Ps 97:1; Jes 11:11; Jes 42:10; k De 30:4; Ese 20:34; Mi 2:12; l Jes 40:11; Ese 34:12; 1Pe 2:25; m Jes 44:23; Jes 48:20; n Jes 49:25; o Esr 3:13; Ps 126:1; Jes 51:11; Ese 20:40; p Ps 34:5; Jes 60:5; q Jl 3:18; Sag 9:15; r Jes 65:10; s Jes 58:11; t Jes 35:10; Op 21:4; u Esr 3:12; Sag 8:4.

te neem.[a] **14** En ek sal die siel
van die priesters met vettigheid
verkwik,[b] en met my goedheid
sal my volk versadig word”,[c] is
die woord van Jehovah.

**15** “Só het Jehovah gesê: ‘In
Rama[d] word ’n stem gehoor, ge-
weeklaag en bitter gehuil;[e] Ra-
gel[f] huil oor haar seuns.[g] Sy
het geweier om getroos te word
oor haar seuns,[h] omdat hulle nie
meer daar is nie.’ ”[i]

**16** Só het Jehovah gesê:
“ ‘Weerhou jou stem van gehuil
en jou oë van trane,[j] want daar
is ’n beloning vir jou werk’, is
die woord van Jehovah, ‘en hul-
le sal beslis uit die land van die
vyand terugkeer.’[k]

**17** “ ‘En daar is ’n hoop[l] vir
jou toekoms’, is die woord van
Jehovah, ‘en die kinders sal be-
slis na hulle eie gebied terug-
keer.’ ”[m]

**18** “Ek het gewis gehoor hoe
E′fraim hom bekla:[n] ‘U het my
tereggewys, sodat ek teregge-
wys is,[o] soos ’n kalf wat nie ge-
leer is nie.[p] Laat my terugkeer,
en ek sal graag terugkeer,[q]
want u is Jehovah my God.[r]
**19** Want ná my terugkeer het
ek spyt gevoel;[s] en nadat ek tot
kennis gebring is, het ek op die
dy geslaan.[t] Ek het beskaamd
gestaan en ek het ook verneder
gevoel,[u] want ek het die smaad
van my jeug gedra.’ ”[v]

**20** “Is E′fraim vir my ’n dier-
bare seun of ’n lieflingskind?[w]
Want in die mate dat ek teen
hom gespreek het, sal ek vir
seker verder aan hom dink.[x]
Daarom het my ingewande on-
stuimig geraak oor hom.[y] Ek sal
my beslis oor hom ontferm”,[z] is
die woord van Jehovah.

**21** “Rig vir jou padtekens op.
Bring vir jou wegwysers aan.[a]
Rig jou hart op die grootpad,
die pad wat jy sal moet gaan.[b]
Kom terug, o maagd van Israel.
Kom terug na hierdie stede van
jou.[a] **22** Hoe lank sal jy hier-
natoe en daarnatoe draai,[b] o
ontroue dogter?[c] Want Jehovah
het iets nuuts op die aarde ge-
skep: ’n Vrou sal al om ’n man
draai.”

**23** Só het Jehovah van die
leërs, die God van Israel, gesê:
“Hulle sal weer hierdie woord in
die land van Juda en in sy ste-
de sê wanneer ek hulle gevange-
nes versamel: ‘Mag Jehovah jou
seën,[d] o regverdige woonplek,[e]
o heilige berg.’[f] **24** En daarin
sal Juda en al sy stede beslis al-
mal saam woon, landbouers en
dié wat met die kudde uitgetrek
het.[g] **25** Want ek sal die moeë
siel verkwik, en elke kwynende
siel sal ek vul.”[h]

**26** Hierop het ek wakker ge-
word en begin kyk; en wat my
slaap betref, dit was vir my aan-
genaam.

**27** “Kyk! Daar kom dae”, is
die woord van Jehovah, “en ek
sal die huis van Israel en die
huis van Juda besaai met die
saad van mense en met die saad
van mak diere.”[i]

**28** “En net soos ek ten opsig-
te van hulle wakker gebly het[j]
om uit te ruk en af te breek en
om te gooi en te vernietig en
skade aan te rig,[k] so sal ek ten
opsigte van hulle wakker bly
om op te bou en te plant”,[l] is
die woord van Jehovah. **29** “In
dié dae sal hulle nie meer sê:
‘Die vaders het die groen drui-
we geëet, maar die tande van
die kinders het stomp geword’
nie.[m] **30** Maar elkeen sal vir
sy eie oortreding sterf.[n] Elke
mens wat die groen druiwe eet,
sy tande sal stomp word.”

**31** “Kyk! Daar kom dae”, is
die woord van Jehovah, “en ek
sal met die huis van Israel[o] en

HFST. 31

a Jes 51:3, Jes 65:19
b Ps 36:8
c De 30:9, Ps 31:19, Jes 63:7
d Jos 18:25, Jer 40:1, Mt 2:18
e Klg 1:16, Mt 2:16
f Ge 35:19
g Ge 35:24
h Ge 37:35
i Mt 2:18
j Op 7:17
k Esr 1:5, Jer 23:3, Ese 11:17, Ho 1:11
l Jer 29:11
m Jer 46:27
n Jer 31:9
o Ps 94:12
p Spr 26:3
q Jer 17:14, Klg 5:21
r Jes 43:3
s De 30:2
t Ese 21:12
u Le 26:41, Esr 9:6
v Jer 3:25
w Jer 31:9, Ho 14:4
x De 32:36
y Jes 63:15, Ho 11:8
z Jes 55:7, Mi 7:18, 2Ko 1:3
a Jes 62:10
b Jes 35:8

Tweede kol.

a Jer 3:14
b 1Kn 18:21, Jer 2:18
c Jer 2:13, Jer 3:6
d Ps 122:8
e Jes 1:26
f Sag 8:3
g Jer 33:12, Ese 36:10
h Ps 107:9, Jes 40:29
i De 30:9, Ese 36:9, Ho 2:23, Sag 10:9
j Jer 44:27, Da 9:14
k Jer 18:7, Jer 45:4
l Ps 102:16, Ps 147:2, Jer 24:6, Jer 32:41
m Ese 18:2
n De 24:16, Jes 3:11, Ese 18:4, Ga 6:7
o Ga 6:16

met die huis van Juda[a] ’n nuwe
verbond sluit;[b] **32** nie soos die
verbond wat ek met hulle voor-
vaders gesluit het op die dag toe
ek hulle hand gevat het om hul-
le uit Egipteland uit te lei nie,[c]
‘my verbond wat hulle verbreek
het,[d] hoewel ek hulle eggenoot-
eienaar[e] was’, is die woord van
Jehovah.”

**33** “Want dit is die verbond[f]
wat ek ná daardie dae met die
huis van Israel sal sluit”,[g] is die
woord van Jehovah. “Ek sal my
wet in hulle binneste sit,[h] en in
hulle hart sal ek dit skryf.[i] En
ek sal hulle God word, en hulle
sal my volk word.”[j]

**34** “En hulle sal nie meer elk-
een sy metgesel en elkeen sy
broer leer[k] en sê: ‘KEN Jeho-
vah!’[l] nie, want hulle almal sal
my ken, van die geringste on-
der hulle tot selfs die groot-
ste onder hulle”,[m] is die woord
van Jehovah. “Want ek sal hul-
le oortreding vergewe, en aan
hulle sonde sal ek nie meer dink
nie.”[n]

**35** Só het Jehovah gesê, Hy
wat die son gee as lig bedags,[o]
die insettinge[p] van die maan[q]
en die sterre as lig snags,[r] die
Een wat die see in beroering
bring sodat sy golwe onstui-
mig word,[s] wie se naam Jehovah
van die leërs is:[t] **36** “‘As hier-
die voorskrifte voor my verwy-
der kon word’,[u] is die woord van
Jehovah, ‘sou dié wat die saad
van Israel is, ook kon ophou om
vir altyd ’n nasie voor my te
wees.’ ”[v]

**37** Só het Jehovah gesê: “‘As
die hemel daar bo gemeet en die
fondamente van die aarde daar
onder nagespeur kon word,[w]
sou ek ook die hele saad van
Israel kon verwerp weens alles
wat hulle gedoen het’,[x] is die
woord van Jehovah.”

**38** “Kyk! Daar kom dae”, is
die woord van Jehovah, “en die
stad sal beslis vir Jehovah ge-
bou word,[a] van die Hana′nelto-
ring[b] af tot by die Hoekpoort.[c]
**39** En die maatlyn[d] sal nog aan-
loop, reguit tot by die heuwel
Gareb, en dit sal beslis met ’n
boog na Goa gaan. **40** En die
hele laagvlakte van die lyke[e] en
van die vetterige as,[f] en al
die terrasse tot by die Kidron-
stroomvallei,[g] tot by die hoek
van die Perdepoort[h] teen die
sonsopgang, sal iets heiligs vir
Jehovah wees.[i] Dit sal nie uit-
geruk word nie, en ook sal dit
tot onbepaalde tyd nie weer af-
gebreek word nie.”[j]

**32** Die woord wat van Jeho-
vah tot Jeremia gekom
het in die tiende jaar van Sede-
ki′a, die koning van Juda,[k] dit
wil sê die agtiende jaar van Ne-
bukadre′sar.[l] **2** En in dié tyd
het die krygsmag van die ko-
ning van Babilon Jerusalem be-
leër;[m] en wat die profeet Je-
remia betref, hy was opgesluit
in die Voorhof van die Lyfwag[n]
wat in die huis van die koning
van Juda was; **3** want Sede-
ki′a, die koning van Juda, het
hom opgesluit[o] en gesê:

“Waarom profeteer jy[p] en sê:
‘Só het Jehovah gesê: “Kyk, ek
gee hierdie stad in die hand
van die koning van Babilon, en
hy sal dit beslis inneem;[q] **4** en
Sedeki′a, die koning van Juda,
sal nie uit die hand van die Gal-
deërs ontkom nie, want hy sal
vir seker in die hand van die
koning van Babilon gegee word,
met wie se mond sy mond sal
praat en wie se oë sy oë sal
sien” ’;[r] **5** ‘en na Babilon sal

**HFST. 31**
a Jer 50:4
b Mt 26:28; Mr 14:24; Lu 22:20; 1Ko 11:25; Heb 8:8; Heb 10:16
c Eks 19:5; De 1:31
d Ese 16:59; Heb 8:9
e Jer 3:14
f Heb 8:6
g Heb 8:10
h Ese 11:19; Ese 36:26
i Ps 37:31; Heb 10:16
j Jer 30:22; Heb 8:10
k Jes 54:13; Joh 6:45; 1Te 4:9; 1Jo 2:27
l 1Kr 28:9; Joh 17:3
m Jes 11:9; Jer 24:7; Hab 2:14; Heb 8:11
n Jer 33:8; Jer 50:20; Mi 7:18; Mt 26:28; Ro 11:27; Heb 8:12; Heb 9:15; Heb 10:17
o Ge 1:16; Ps 136:8; Mt 5:45
p 1Ko 14:33
q Job 38:33; Ps 89:37; Ps 104:19
r Ps 136:9
s Jes 51:15
t Jer 10:16
u Ps 148:6; Jes 54:10; Jer 33:20
v Ps 72:5
w Job 38:5; Spr 30:4; Jes 40:12
x Jer 30:11

**Tweede kol.**
a Ne 12:27; Jes 44:28; Jer 30:18
b Ne 3:1; Ne 12:39; Sag 14:10
c 2Kr 26:9
d Sag 1:16
e Jer 19:11
f Jer 7:32
g 2Sa 15:23; 2Kn 23:6; Joh 18:1
h 2Kn 11:16; 2Kr 23:15; Ne 3:28
i Ese 45:1; Jl 3:17
j Jes 51:22

**HFST. 32** **k** 2Kn 25:1; Jer 39:1; **l** Jer 25:1; **m** Jer 52:4; **n** Ne 3:25; Jer 33:1; Jer 37:21; Jer 38:28; **o** Jer 37:18; Heb 11:36; **p** Lu 20:2; **q** Jer 34:2; Jer 37:8; **r** 2Kn 25:6; Jer 34:3; Jer 37:17; Jer 38:18; Jer 39:5; Jer 52:9; Ese 12:13.

hy Sedeki′a neem, en daar sal
hy bly totdat ek my aandag op
hom rig’,[a] is die woord van Jeho-
vah; ‘hoewel julle teen die Gal-
deërs bly oorlog voer, sal julle
nie suksesvol wees nie’?”[b]
**6** En Jeremia het gesê: “Die
woord van Jehovah het tot my
gekom en gesê: **7** ‘Kyk, Ha-
na′mel, die seun van Sallum,
jou oom aan vaderskant, kom
na jou toe om te sê: “Koop
vir jou my stuk grond wat in
A′natot[c] is, want die terugkoop-
reg behoort aan jou om dit te
koop.” ’ ”[d]
**8** Na ’n ruk het Hana′mel,
die seun van my oom aan va-
derskant, volgens die woord van
Jehovah na my toe gekom in
die Voorhof van die Lyfwag[e] en
wat oorgebly het, het Nebusa-
ra′dan,[o] die hoof van die lyf-
wag,[p] in ballingskap na Babilon
weggevoer.[q]

**10** En party van die volk, die
geringes wat heeltemal niks ge-
had het nie, het Nebusara′dan,
die hoof van die lyfwag, in die
land van Juda laat agterbly;[r] en
hy het hulle op dié dag winger-
de gegee en verpligte diens op-
gelê.[s]

**11** Verder het Nebukadre′-
sar, die koning van Babilon,

**HFST. 38**
a Jer 36:12; Jer 38:4
b Jer 37:15; Jer 37:20
c Jos 2:5; Ps 39:1
d Jer 32:2; Jer 33:1
e Ps 23:4; Jer 15:20; Jer 37:21; Jer 39:14
f 2Kn 25:8; 2Kr 36:17

**HFST. 39**
g Ese 24:1
h 2Kn 25:2; Jer 52:4
i 2Kn 25:4; Jer 52:7; Ese 33:21
j Jer 1:15

**Tweede kol.**
a De 28:25
b 2Kn 25:4
c De 1:7
d Jer 32:4; Jer 38:18
e Jos 5:10; Jer 52:8
f 2Kn 23:33; 2Kn 25:6; 2Kn 25:21; Jer 52:26
g Jos 13:5; Rig 3:3; 2Kn 17:24
h Jer 52:9
i De 28:34; Jes 13:16
j 2Kn 25:7; Jer 52:10
k Jer 21:7; Jer 34:19
l 2Kn 25:7; Jer 52:11; Ese 12:13
m 2Kn 25:9; 2Kr 36:19; Jes 5:9; Jer 38:18
n 2Kn 25:10; Ne 1:3; Jer 52:14
o Jer 52:12
p 2Kn 25:20; Jer 40:1
q 2Kn 25:11
r Jer 52:16
s 2Kn 25:12

deur middel van Nebusara′dan,
die hoof van die lyfwag, aan-
gaande Jeremia bevel gegee en
gesê: **12** “Neem hom en hou
jou oë op hom gerig, en moet
hom geen kwaad aandoen nie.[a]
Maar doen met hom net soos hy
vir jou sal sê.”[b]

**13** Toe het Nebusara′dan,[c]
die hoof van die lyfwag, en
Nebusas′ban, die Rab′saris, en
Ner′gal-Sare′ser, die Rabmag,
en al die vernaamste manne
van die koning van Babilon
gestuur; **14** ja, hulle het ge-
stuur en Jeremia uit die Voor-
hof van die Lyfwag laat haal[d]
en hom oorgegee aan Gedal′ja,[e]
die seun van Ahi′kam,[f] die seun
van Safan,[g] om hom na sy huis
te bring, sodat hy onder die volk
kon woon.

**15** En die woord van Jeho-
vah het tot Jeremia gekom ter-
wyl hy in die Voorhof van die
Lyfwag opgesluit was[h] en gesê:
**16** “Gaan, en jy moet vir Ebed-
Meleg,[i] die Etiopiër, sê: ‘Só het
Jehovah van die leërs, die God
van Israel, gesê: “Kyk, ek laat
my woorde oor hierdie stad
waar word ten kwade en nie ten
goede nie,[j] en dit sal beslis in dié
dag voor jou gebeur.” ’[k]

**17** “ ‘En ek sal jou in dié dag
verlos’,[l] is die woord van Jeho-
vah, ‘en jy sal nie in die hand
van die manne vir wie jy bang
is,[m] gegee word nie.’

**18** “ ‘Want ek sal vir seker
aan jou ontkoming verskaf, en
jy sal nie deur die swaard val
nie; en jou siel sal beslis vir jou
’n buit wees,[n] omdat jy op my
vertrou het’,[o] is die woord van
Jehovah.”

**40** Die woord wat van Je-
hovah tot Jeremia gekom
het nadat Nebusara′dan,[p] die
hoof van die lyfwag, hom uit
Rama[q] weggestuur het, toe hy
hom laat haal het terwyl hy met
handboeie gebind was onder al
die ballinge van Jerusalem en
van Juda, wat in ballingskap na
Babilon weggevoer sou word.[a]
**2** Toe het die hoof van die lyf-
wag Jeremia geneem en vir
hom gesê: “Jehovah jou God het
hierdie rampspoed teen hierdie
plek gespreek,[b] **3** sodat Jeho-
vah dit waar sou laat word en
sou doen net soos hy gespreek
het, omdat julle teen Jehovah
gesondig het en sy stem nie ge-
hoorsaam het nie. En dit het
oor julle gekom.[c] **4** En nou,
kyk! ek het jou vandag losge-
maak van die handboeie wat
aan jou hande was. As dit goed
is in jou oë om saam met my
na Babilon te gaan, kom, en ek
sal my oog op jou hou.[d] Maar
as dit sleg is in jou oë om saam
met my na Babilon te gaan, laat
dit staan. Kyk! Die hele land is
voor jou. Waarheen dit ook al
goed en reg is in jou oë om te
gaan, gaan daarheen.”[e]

**5** En hy het nog nie besluit
om terug te keer nie, toe het
Nebusara′dan gesê: “Keer tog
terug na Gedal′ja,[f] die seun van
Ahi′kam,[g] die seun van Safan,[h]
wat die koning van Babilon oor
die stede van Juda aangestel
het, en woon by hom onder die
volk; of gaan waarheen dit ook
al reg is in jou oë om te gaan.”[i]

En die hoof van die lyfwag
het hom toe voedsel en ’n ge-
skenk gegee en hom laat gaan.[j]
**6** En Jeremia het by Gedal′ja,[k]
die seun van Ahi′kam, in Mispa[l]
gekom en by hom gaan woon
onder die volk wat in die land
oorgebly het.

**7** Na verloop van tyd het al
die hoofde van die krygsmag
wat in die veld was,[m] hulle
en hulle manne, te hore ge-
kom dat die koning van Babilon

**HFST. 39**
a Jer 40:4
b Spr 16:7; Spr 21:1
c 2Kn 25:20; Jer 40:1; Jer 52:12
d Jer 38:28
e 2Kn 25:22; Jer 40:5; Jer 41:2
f 2Kr 34:20; Jer 26:24
g 2Kn 22:8
h Jer 32:2; Jer 36:5; Jer 37:21
i Jer 38:7
j 2Kr 36:21; Da 9:12
k Ps 91:8
l Ps 41:1; Ps 50:15; Ps 91:14
m 2Sa 24:14
n Jer 21:9; Jer 45:5
o 1Kr 5:20; Ps 37:3; Ps 37:40; Ps 84:12; Jer 17:7

**HFST. 40**
p 2Kn 25:20; Jer 39:9; Jer 52:12
q Jos 18:25; Rig 4:5

**Tweede kol.**
a Jer 39:14
b De 29:25; 1Kn 9:9
c Jer 50:7; Da 9:11; Ro 2:5
d Jer 39:12
e Ge 20:15
f 2Kn 25:22; Jer 39:14; Jer 41:2
g 2Kn 22:12; 2Kr 34:20; Jer 26:24
h 2Kn 22:8
i Esr 7:6; Spr 16:7; Spr 21:1; Jer 15:11
j Han 27:3
k Jer 39:14
l Rig 20:1; 1Kn 15:22
m 2Kn 25:23

Gedal′ja, die seun van Ahi′kam,
oor die land aangestel het en
dat hy hom aangestel het oor
die manne en vroue en kin-
dertjies en party van die ge-
ringes van die land, wat nie in
ballingskap na Babilon wegge-
voer is nie.[a] **8** Toe het hulle
na Gedal′ja toe gekom in Mispa,
naamlik Is′mael,[b] die seun van
Netan′ja, en Jo′hanan[c] en Jo′na-
tan, die seuns van Kare′ag, en
Sera′ja, die seun van Tan′hu-
met, en die seuns van Efai,
die Netofatiet,[d] en Jesan′ja,[e] die
seun van die Maägatiet,[f] hul-
le en hulle manne.[g] **9** En Ge-
dal′ja,[h] die seun van Ahi′kam,[i]
die seun van Safan,[j] het vir hul-
le en vir hulle manne gesweer[k]
en gesê: “Moenie bang wees om
die Galdeërs te dien nie. Woon
in die land en dien die koning
van Babilon, en dit sal met jul-
le goed gaan.”[l] **10** En wat my
betref, kyk, ek woon in Mispa,[m]
om voor die Galdeërs te staan
wat na ons toe sal kom. En wat
julle betref, samel wyn[n] en so-
mervrugte en olie in en sit dit
in julle houers en woon in julle
stede wat julle in besit geneem
het.”

**11** En al die Jode wat in
Moab en onder die kinders van
Ammon en in Edom was en
dié wat in al die ander lande
was,[o] ook hulle het gehoor dat
die koning van Babilon vir Juda
’n oorblyfsel gelaat het en dat
hy Gedal′ja,[p] die seun van Ahi′-
kam, die seun van Safan, oor
hulle aangestel het. **12** En al
die Jode het begin terugkeer
uit al die plekke waarheen hul-
le verstrooi was, en hulle het
in die land van Juda gekom, na
Gedal′ja toe in Mispa.[q] En hul-
le het ’n baie groot hoeveel-
heid wyn en somervrugte inge-
samel.

**13** Wat Jo′hanan[a] betref, die
seun van Kare′ag,[b] en al die
hoofde van die krygsmag wat
in die veld was,[c] hulle het na
Gedal′ja toe gekom in Mispa.
**14** En hulle het vir hom gesê:
“Weet u glad nie dat Ba′älis, die
koning van die kinders van Am-
mon,[d] Is′mael,[e] die seun van Ne-
tan′ja,[f] gestuur het om die hand
aan u siel te slaan nie?” Maar
Gedal′ja, die seun van Ahi′kam,
het hulle nie geglo nie.[g]

**15** En Jo′hanan,[h] die seun
van Kare′ag, het vir Gedal′-
ja in ’n verborge plek in Mis-
pa gesê: “Ek wil nou gaan en
Is′mael, die seun van Netan′ja,
doodmaak, aangesien niemand
dit sal weet nie.[i] Waarom moet
hy die hand aan u siel slaan,
en waarom moet almal van
Juda wat by u bymekaargebring
word, verstrooi word en die
oorblyfsel van Juda vergaan?”[j]
**16** Maar Gedal′ja,[k] die seun van
Ahi′kam,[l] het vir Jo′hanan, die
seun van Kare′ag, gesê: “Moe-
nie hierdie ding doen nie, want
jy spreek ’n leuen oor Is′ma-
el.”[m]

**41** En in die sewende maand
het Is′mael,[n] die seun van
Netan′ja, die seun van Elisa′-
ma,[o] van die koninklike nage-
slag[p] en van die vernaamste
manne van die koning, en tien
ander manne saam met hom[q] by
Gedal′ja, die seun van Ahi′kam,
in Mispa[r] gekom. En daar in
Mispa het hulle saam brood be-
gin eet.[s] **2** Toe het Is′mael, die
seun van Netan′ja, en die tien
manne wat by hom was, opge-
staan en Gedal′ja, die seun van
Ahi′kam, die seun van Safan,
met die swaard doodgemaak.[t]
So het hy die een doodgemaak
wat die koning van Babilon oor
die land aangestel het.[u] **3** En
Is′mael het al die Jode wat by

**HFST. 40**

a 2Kn 25:22, Jer 39:10, Jer 52:16
b 2Kn 25:25, Jer 41:1
c Jer 41:11, Jer 41:16, Jer 42:1
d 2Sa 23:28, 1Kr 2:54, 1Kr 11:30
e 2Kn 25:23, Jer 42:1
f De 3:14, Jos 12:5
g Jer 41:3
h 2Kn 25:22, Jer 39:14, Jer 41:2
i 2Kn 22:12, 2Kr 34:20, Jer 26:24
j 2Kn 22:8
k 1Sa 20:17, 2Kn 25:24
l Ps 37:3, Jer 27:11
m Jer 40:6
n De 16:13, Jer 39:10
o Jer 24:9
p Jer 39:14
q Rig 20:1, 1Sa 7:5, 1Kn 15:22

**Tweede kol.**

a Jer 41:11, Jer 42:1, Jer 43:2
b Jer 40:8
c Jer 40:7
d Jer 41:10
e Jer 40:8, Jer 41:2
f 2Kn 25:23
g Spr 22:3
h Jer 41:11, Jer 43:2
i 1Sa 26:8
j 2Sa 21:17
k 2Kn 25:22, Jer 39:14
l 2Kn 22:12, 2Kr 34:20, Jer 26:24
m Jer 41:2

**HFST. 41**

n 2Kn 25:23, Jer 40:14
o 2Kn 25:25
p Ese 17:13
q 2Kn 25:25
r Jer 40:6
s Ps 41:9
t 2Kn 25:25
u Jer 40:7

hom was, dit wil sê by Gedal′-
ja, in Mispa, en die Galdeërs wat
hulle daar bevind het, dit wil sê
die krygsmanne, doodgemaak.
**4** En op die tweede dag na-
dat Gedal′ja doodgemaak is, toe
niemand dit nog geweet het
nie,[a] **5** het daar manne uit Si-
gem,[b] uit Silo[c] en uit Sama-
ri′a[d] gekom, tagtig man, met
afgeskeerde baard[e] en geskeur-
de klere en wat hulleself stuk-
kend gesny het,[f] en daar was ’n
graanoffer en wierook[g] in hul-
le hand om dit na die huis van
Jehovah te bring. **6** Toe het
Is′mael, die seun van Netan′-
ja, hulle uit Mispa tegemoetge-
gaan, terwyl hy geloop en huil
het.[h] En toe hy hulle teëkom,
het hy vir hulle gesê: “Kom
na Gedal′ja, die seun van Ahi′-
kam.” **7** Maar net toe hulle in
die stad kom, het Is′mael, die
seun van Netan′ja, hulle dood-
gemaak en hulle in die reënput
gegooi, hy en die manne wat by
hom was.[i]
**8** Maar tien manne wat hul-
le onder hulle bevind het, het
onmiddellik vir Is′mael gesê:
“Moet ons nie doodmaak nie,
want ons besit verborge skat-
te in die veld: koring en gars
en olie en heuning.”[j] Toe het
hy daarvan afgesien en hul-
le nie in die midde van hulle
broers doodgemaak nie. **9** En
die reënput waarin Is′mael[k] al
die lyke gegooi het van die
manne wat hy doodgemaak het,
was ’n groot reënput, die een
wat koning Asa gemaak het
weens Baäsa, die koning van Is-
rael.[l] Dié het Is′mael, die seun
van Netan′ja, gevul met diege-
ne wat omgebring is.
**10** Toe het Is′mael die hele
oorblyfsel van die volk gevange
geneem wat in Mispa[m] was, die
dogters van die koning[n] en die
hele volk wat in Mispa oorge-
bly het,[a] wat Nebusara′dan, die
hoof van die lyfwag, aan Gedal′-
ja, die seun van Ahi′kam, toe-
vertrou het.[b] En Is′mael, die
seun van Netan′ja, het hulle ge-
vange geneem en weggetrek om
oor te gaan na die kinders van
Ammon.[c]
**11** Na ’n ruk het Jo′hanan,[d]
die seun van Kare′ag, en al die
hoofde van die krygsmag[e] wat
by hom was, gehoor van al die
slegte dinge wat Is′mael, die
seun van Netan′ja, gedoen het.
**12** Gevolglik het hulle al die
manne geneem en uitgetrek om
teen Is′mael, die seun van Ne-
tan′ja, te veg, en hulle het hom
aangetref by die groot water
wat in Gi′beon was.[f]
**13** Toe die hele volk wat by
Is′mael was, Jo′hanan, die seun
van Kare′ag, sien en al die hoof-
de van die krygsmag wat by
hom was, het hulle bly geword.
**14** En die hele volk wat Is′-
mael uit Mispa[g] as gevangenes
weggevoer het, het omgedraai
en teruggekeer en na Jo′hanan,
die seun van Kare′ag, gegaan.
**15** En wat Is′mael, die seun van
Netan′ja, betref, met agt man
het hy Jo′hanan ontglip,[h] sodat
hy na die kinders van Ammon
kon gaan.
**16** Jo′hanan,[i] die seun van
Kare′ag, en al die hoofde
van die krygsmag wat by
hom was, het toe die hele oor-
blyfsel van die volk uit Mispa
geneem wat hulle van Is′mael,
die seun van Netan′ja, terug-
gebring het, nadat hy Gedal′ja,[j]
die seun van Ahi′kam, doodge-
maak het: manne, krygsmanne,
en die vrouens en die kinder-
tjies en die hofbeamptes, wat
hy uit Gi′beon teruggebring het.
**17** Toe het hulle weggetrek en
gaan woon in die verblyfplek
van Kimham, wat langs Bet-
lehem[k] was, ten einde verder te

HFST. 41
a Jer 40:15
b Jos 24:32; 1Kn 12:1
c Jos 18:1; Jer 7:12
d 1Kn 16:24
e Le 19:27
f De 14:1
g Le 2:1
h 2Sa 3:16
i Spr 1:16; Jes 59:7
j Job 2:4; Spr 13:8; Pr 7:12
k 2Kn 25:23; Jer 40:8
l 1Kn 15:22; 2Kr 16:6
m Jer 40:12
n Jer 43:6

Tweede kol.
a Jer 43:5
b Jer 40:7
c Jer 40:14
d Jer 42:1; Jer 43:2
e Jer 40:13
f 2Sa 2:13
g Jer 40:6
h 1Kn 20:20; Job 21:30
i 2Kn 25:23; Jer 42:1
j Jer 41:2
k Ge 35:19; Rig 17:7; 1Kr 2:51

trek en Egipte binne te gaan[a]
**18** weens die Galdeërs;[b] want
hulle het vir hulle bang ge-
word,[c] aangesien Is′mael, die
seun van Netan′ja, Gedal′ja, die
seun van Ahi′kam, doodgemaak
het,[d] wat deur die koning van
Babilon oor die land aangestel
was.[e]

**42** Toe het al die hoofde van
die krygsmag en Jo′ha-
nan,[f] die seun van Kare′ag, en
Jesan′ja,[g] die seun van Hosa′ja,[h]
en die hele volk, van die klein-
ste tot selfs die grootste, nader
gekom **2** en vir die profeet Je-
remia gesê: "Mag ons versoek
om guns asseblief voor u kom,
en bid tog vir ons tot Jehovah
u God,[i] vir hierdie hele oorblyf-
sel, want ons het as min uit baie
oorgebly,[j] net soos u oë ons sien.
**3** En mag Jehovah u God ons
vertel watter weg ons moet be-
wandel en wat ons moet doen."[k]

**4** Daarop het die profeet Je-
remia vir hulle gesê: "Ek het ge-
hoor. Kyk, ek bid tot Jehovah
julle God volgens julle woorde;[l]
en elke woord wat Jehovah jul-
le antwoord, sal ek julle beslis
meedeel.[m] Ek sal geen woord
van julle terughou nie."[n]

**5** En hulle het vir Jeremia
gesê: "Mag Jehovah 'n waarag-
tige en getroue getuie teen ons
wees[o] as ons nie presies sal han-
del[p] volgens elke woord waar-
mee Jehovah u God u na ons toe
stuur nie. **6** Hetsy dit goed of
sleg is, dit is die stem van Jeho-
vah ons God, na wie toe ons u
stuur, wat ons sal gehoorsaam,
sodat dit met ons goed kan gaan
omdat ons die stem van Jehovah
ons God gehoorsaam."[q]

**7** En na verloop van tien dae
het die woord van Jehovah tot
Jeremia gekom.[r] **8** Toe het hy
Jo′hanan, die seun van Kare′ag,
en al die hoofde van die krygs-
mag wat by hom was en die hele
volk, van die kleinste tot selfs
die grootste, geroep;[a] **9** en hy
het vir hulle gesê: "Só het Je-
hovah, die God van Israel, gesê,
na wie toe julle my gestuur het
om julle versoek om guns voor
hom te bring:[b] **10** 'As julle vir
seker in hierdie land bly,[c] dan
sal ek julle opbou en nie afbreek
nie, en ek sal julle plant en
nie uitruk nie;[d] want ek sal be-
slis spyt voel oor die rampspoed
wat ek oor julle gebring het.[e]
**11** Moenie bang wees vir die ko-
ning van Babilon wat julle vrees
nie.'[f]

" 'Moenie vir hom bang wees
nie',[g] is die woord van Jehovah,
'want ek is met julle, om jul-
le te red en julle uit sy hand te
verlos.[h] **12** En ek sal aan jul-
le barmhartigheid bewys, en hy
sal julle beslis barmhartig wees
en julle na julle land terug-
bring.[i]

**13** " 'Maar as julle sê: "Nee,
ons sal nie in hierdie land woon
nie!" sodat julle ongehoorsaam
is aan die stem van Jehovah jul-
le God[j] **14** en sê: "Nee, maar
ons sal Egipteland binnegaan,[k]
waar ons geen oorlog sal sien
nie en die geluid van die horing
nie sal hoor nie en geen honger
na brood sal hê nie; en daar sal
ons woon";[l] **15** daarom, hoor
dan nou die woord van Jehovah,
o oorblyfsel van Juda. Só het Je-
hovah van die leërs, die God van
Israel, gesê: "As julle beslis jul-
le aangesig daarop rig om Egip-
te binne te gaan en julle in-
gaan om daar as vreemdelinge
te woon,[m] **16** dan sal juis die
swaard waarvoor julle bang is,
julle daar in Egipteland inhaal,[n]
en juis die hongersnood waar-
voor julle bang is, sal kort ag-
ter julle daar in Egipte aan-
kom;[o] en julle sal daar sterf.[p]
**17** En al die manne wat hulle

**HFST. 41**
a 2Kn 25:26; Jes 30:2; Jer 42:14; Jer 43:7
b Jer 21:4; Jer 37:5
c Jer 42:11
d Jer 41:2
e Jer 40:5

**HFST. 42**
f Jer 40:8; Jer 40:13; Jer 41:11
g 2Kn 25:23
h Jer 43:2
i 1Sa 7:8; 1Sa 12:19; Jes 37:4; Jak 5:16
j Le 26:22; De 28:62; Jes 1:9
k Esr 8:21; Spr 3:6
l 1Sa 12:23
m 1Kn 22:14
n 1Sa 3:18; Han 20:20
o Rig 11:10; 1Sa 12:5; Mi 1:2; Mal 3:5
p Eks 19:8; De 5:27
q De 5:33; De 6:3; Jer 7:23
r 2Pe 1:21

**Tweede kol.**
a Jer 41:16; Jer 42:1
b Jer 42:2
c Ps 37:3
d Jer 24:6; Jer 31:28; Jer 33:7
e De 32:36; Jer 18:8; Jer 26:19; Mi 7:18
f Jer 41:18
g 2Kr 32:7
h Ps 46:7; Ps 68:20; Jes 43:5; Ro 8:31
i Eks 34:6; Ne 9:31; Ps 106:45; Spr 16:7; Da 9:9
j Jer 44:16
k Jer 43:7
l Nu 11:5
m De 17:16; Jer 44:12
n De 28:45; Spr 13:21; Ese 11:8
o Jer 44:13; Jer 44:27
p Jer 44:12

aangesig daarop gerig het om
Egipte binne te gaan om daar as
vreemdelinge te woon, sal deur
die swaard, deur die honger-
snood en deur die pes sterf;[a] en
hulle sal geen oorlewende hê of
iemand wat ontkom nie, weens
die rampspoed wat ek oor hulle
bring.” ’[b]

**18** “Want só het Jehovah van
die leërs, die God van Israel, ge-
sê: ‘Net soos my toorn en my
woede oor die inwoners van Je-
rusalem uitgestort is,[c] so sal my
woede op julle uitgestort word
omdat julle Egipte binnegaan,
en julle sal beslis ’n vloek en ’n
voorwerp van verbasing en ’n
vervloeking en ’n smaad word,[d]
en julle sal hierdie plek nie
meer sien nie.’[e]

**19** “Jehovah het teen julle
gespreek, o oorblyfsel van Juda.
Moenie Egipte binnegaan nie.[f]
Julle moet gewis weet dat ek
vandag teen julle getuig het,[g]
**20** dat julle ’n oortreding teen
julle siel begaan het,[h] want jul-
le het my na Jehovah julle God
toe gestuur en gesê: ‘Bid vir ons
tot Jehovah ons God; en ver-
tel ons volgens alles wat Jeho-
vah ons God sê, en ons sal dit
beslis doen.’[i] **21** En ek vertel
julle dit vandag, maar julle sal
beslis nie die stem van Jeho-
vah julle God of enigiets waar-
mee hy my na julle toe gestuur
het, gehoorsaam nie.[j] **22** En
nou moet julle gewis weet dat
julle deur die swaard,[k] deur die
hongersnood en deur die pes sal
sterf in die plek wat dit julle be-
haag om binne te gaan om daar
as vreemdelinge te woon.”[l]

**43** En net toe Jeremia klaar
tot die hele volk al die
woorde van Jehovah hulle God
gespreek het, waarmee Jeho-
vah hulle God hom na hulle
toe gestuur het, ja, al hier-
die woorde,[a] **2** het Asar′ja, die
seun van Hosa′ja,[b] en Jo′ha-
nan,[c] die seun van Kare′ag, en
al die vermetele manne[d] vir Je-
remia gesê: “Dit is ’n leuen wat
jy spreek.[e] Jehovah ons God het
jou nie gestuur om te sê: ‘Moe-
nie Egipte binnegaan om daar
as vreemdelinge te woon nie.’[f]
**3** Maar Barug,[g] die seun van
Neri′a, stook jou teen ons op om
ons in die hand van die Galdeërs
te gee, sodat hulle ons kan dood-
maak of ons in ballingskap na
Babilon kan wegvoer.”[h]

**4** En Jo′hanan, die seun van
Kare′ag, en al die hoofde van
die krygsmag en die hele volk
het nie die stem van Jehovah
gehoorsaam[i] om in die land van
Juda te bly nie.[j] **5** Toe het Jo′-
hanan, die seun van Kare′ag, en
al die hoofde van die krygsmag
die hele oorblyfsel van Juda ge-
neem wat uit al die nasies waar-
heen hulle verstrooi is, terugge-
keer het om ’n ruk in die land
van Juda te woon,[k] **6** ja, die
manne en die vrouens en die
kindertjies en die dogters van
die koning[l] en elke siel wat Ne-
busara′dan,[m] die hoof van die
lyfwag, laat agterbly het by Ge-
dal′ja,[n] die seun van Ahi′kam,[o]
die seun van Safan,[p] asook die
profeet Jeremia en Barug,[q] die
seun van Neri′a. **7** En hulle
het uiteindelik in Egipteland[r]
gekom, want hulle het nie die
stem van Jehovah gehoorsaam
nie; en hulle het geleidelik tot
by Tagpan′hes[s] gekom.

**8** Toe het die woord van Je-
hovah in Tagpan′hes tot Jere-
mia gekom en gesê: **9** “Neem
groot klippe in jou hand, en jy
moet dit voor die oë van die
Joodse manne in die messel-
klei in die baksteenterras weg-
steek wat by die ingang van die
huis van Farao in Tagpan′hes
is.[t] **10** En jy moet vir hulle

**HFST. 42**
a Jer 24:10; Jer 42:22
b Jer 44:14; Jer 44:28
c 2Kn 25:9; 2Kr 34:25; 2Kr 36:16; Jer 7:20; Jer 39:8; Jer 52:4; Klg 2:4; Na 1:6
d Jer 18:16; Jer 24:9; Jer 29:18
e Jer 22:10; Jer 22:27
f De 17:16; Jes 30:3; Jes 31:1
g 2Kr 24:19; Ne 9:26; Mal 3:5
h Spr 8:36
i Jer 42:2
j Jer 7:24; Sag 7:11
k Jer 43:11; Ese 6:11
l Ho 9:6

**Tweede kol.**

**HFST. 43**
a Jer 1:17; Jer 26:8; Jer 42:5
b Jer 42:1
c Jer 40:13; Jer 41:16
d Ps 123:4; Spr 11:2
e Spr 21:24; Spr 29:20
f Jer 5:12
g Jer 36:4; Jer 45:1
h Jer 38:4
i Ne 9:16
j Ps 37:3
k Jer 40:10
l Jer 41:10
m Jer 39:10; Jer 40:7
n 2Kn 25:22
o 2Kr 34:20; Jer 26:24
p 2Kn 22:8
q Jer 36:26; Jer 45:1
r Jes 19:18
s Jes 30:4; Jer 2:16; Jer 44:1; Ese 30:18
t Jer 13:1; Jer 19:1

sê: ‘Só het Jehovah van die
leërs, die God van Israel, ge-
sê: “Kyk, ek stuur en ek sal
my kneg[a] Nebukadre′sar, die
koning van Babilon,[b] laat haal,
en ek sal sy troon bo-op hier-
die klippe neersit wat ek weg-
gesteek het, en hy sal beslis
sy praaltent daaroor uitsprei.
**11** En hy sal kom en Egipte-
land verslaan.[c] Wie vir die do-
delike plaag bestem is, sal vir
die dodelike plaag wees, en wie
vir gevangenskap bestem is, sal
vir gevangenskap wees, en wie
vir die swaard bestem is, sal vir
die swaard wees.[d] **12** En ek
sal ’n vuur in die huise van die
gode van Egipte aansteek;[e] en
hy sal hulle beslis verbrand en
hulle as gevangenes wegvoer en
hom in Egipteland wikkel soos
’n herder hom in sy kleed wik-
kel,[f] en hy sal daarvandaan in
vrede wegtrek. **13** En hy sal
die pilare van Bet-Semes, wat in
Egipteland is, beslis in stukke
breek; en die huise van die gode
van Egipte sal hy met vuur ver-
brand.” ’ ”

**44** Die woord wat tot Jere-
mia gekom het vir al die
Jode wat in Egipteland gewoon
het,[g] wat in Migdol[h] en in Tag-
pan′hes[i] en in Nof[j] en in die land
Patros[k] gewoon het, het gesê:
**2** “Só het Jehovah van die leërs,
die God van Israel, gesê: ‘Julle
het al die rampspoed gesien wat
ek oor Jerusalem[l] en oor al die
stede van Juda gebring het, en
kyk, hulle is vandag ’n verwoes-
te plek, en daar is geen inwoner
in hulle nie.[m] **3** Dit is weens
hulle slegtheid wat hulle bedryf
het om my aanstoot te gee deur
te gaan en offerrook te laat op-
gaan[n] en diens te verrig aan an-
der gode wat hulle nie geken het
nie, nie julle of julle voorvaders
nie.[o] **4** En ek het al my kneg-
te, die profete, na julle toe bly
stuur, ja, vroeg opgestaan en
gestuur,[a] om te sê: “Moet asse-
blief nie hierdie verfoeilike ding
doen wat ek gehaat het nie.”[b]
**5** Maar hulle het nie geluister
nie,[c] en ook het hulle nie gehoor
gegee om van hulle slegtheid te-
rug te keer deur nie vir ander
gode offerrook te laat opgaan
nie.[d] **6** Daarom is my woede
en my toorn uitgestort en het
dit in die stede van Juda en
op die strate van Jerusalem ge-
brand;[e] en hulle het ’n verwoes-
te plek geword, ’n verlate woes-
teny, soos dit vandag is.’[f]

**7** “En nou, só het Jehovah,
die God van die leërs, die God
van Israel, gesê: ‘Waarom bring
julle ’n groot rampspoed oor jul-
le siel,[g] om onder julle man
en vrou, kind en suigeling uit
Juda uit te roei,[h] sodat julle nie
vir julle ’n oorblyfsel laat nie;
**8** deur my aanstoot te gee met
die werke van julle hande deur
vir ander gode offerrook te laat
opgaan[i] in Egipteland, wat jul-
le binnegaan om daar as vreem-
delinge te woon; sodat julle jul-
le eie uitroeiing veroorsaak en
sodat julle ’n vervloeking en ’n
smaad onder al die nasies van
die aarde word?[j] **9** Het julle
die slegte dade van julle voorva-
ders[k] en die slegte dade van die
konings van Juda[l] en die slegte
dade van hulle vrouens[m] en jul-
le eie slegte dade en die slegte
dade van julle vrouens ver-
geet,[n] wat hulle in die land van
Juda en op die strate van Jeru-
salem gedoen het? **10** En tot
vandag toe het hulle nie verbry-
seld gevoel nie,[o] en hulle het nie
bang geword nie,[p] en ook het
hulle nie in my wet[q] en in my in-
settinge gewandel wat ek julle
en julle voorvaders voorgehou
het nie.’[r]

**HFST. 43**
a Jer 25:9; Jer 27:6; Ese 29:20
b Da 2:21; Da 5:18
c Jer 25:19; Jer 46:2; Jer 46:13; Ese 29:19; Ese 30:4; Ese 30:18
d Jer 15:2; Jer 44:13; Ese 5:12; Sag 11:9
e Eks 12:12; Jes 19:1; Jer 46:25
f Jes 49:18

**HFST. 44**
g Jer 43:7
h Ese 29:10; Ese 30:6
i Jer 2:16; Ese 30:18
j Jes 19:13; Jer 46:14; Ese 30:16; Ho 9:6
k Jer 44:15; Ese 29:14; Ese 30:14
l 2Kn 25:10; 2Kr 36:17; Jer 39:8; Jer 52:14
m Jer 9:11; Klg 1:1
n Jer 11:17
o De 13:6; De 29:26; De 32:17; Jer 19:4; Jer 22:9

**Tweede kol.**
a 2Kr 36:15; Jes 65:2; Jer 7:25; Jer 25:4; Jer 26:5; Jer 29:19; Jer 35:15
b Jer 16:18
c 2Kr 36:16; Ps 81:11
d Jer 19:13
e Le 26:28; Jer 42:18
f Jes 6:11; Jer 35:17; Jer 39:8; Jer 52:14
g Nu 16:38; Jer 7:19
h Eks 34:7
i Eks 20:5; De 32:16; Jer 25:6; 1Ko 10:20
j 1Kn 9:7; Jer 24:9; Jer 42:18
k Esr 9:13; Ne 9:18; Da 9:6
l 2Kn 21:20; 2Kn 24:9
m 1Kn 11:3; 1Kn 21:25

**n** Jer 44:15; **o** Ps 51:17; **p** Spr 28:14; Jer 36:24; **q** Ne 9:26; **r** De 6:2; Ese 20:13.

11 “Daarom, só het Jehovah
van die leërs, die God van Is-
rael, gesê: ‘Kyk, ek rig my aan-
gesig teen julle tot rampspoed
en tot die uitroeiing van die
hele Juda.[a] 12 En ek sal die
oorblyfsel van Juda wegneem,
wat hulle aangesig daarop ge-
rig het om Egipteland binne te
gaan om daar as vreemdelinge
te woon,[b] en hulle sal almal be-
slis in Egipteland aan hulle ein-
de kom.[c] Hulle sal deur die
swaard val; en deur die honger-
snood[d] sal hulle aan hulle einde
kom, van die kleinste tot selfs
die grootste; deur die swaard
en deur die hongersnood sal
hulle sterf. En hulle sal ’n vloek
word, ’n voorwerp van verba-
sing en ’n vervloeking en ’n
smaad.[e] 13 En ek sal reken-
skap eis van dié wat in Egipte-
land woon, net soos ek van Jeru-
salem rekenskap geëis het, deur
die swaard, deur die honger-
snood en deur die pes.[f] 14 En
vir die oorblyfsel van Juda wat
ingaan om daar, in Egipteland,
as vreemdelinge te woon,[g] sal
daar niemand wees wat daaraan
ontkom of dit oorleef nie, ja, om
na die land van Juda terug te
keer waarna hulle hulle sielsbe-
geerte ophef om terug te keer
om daar te woon;[h] want hulle
sal nie terugkeer nie, behalwe
’n paar wat ontkom het.’ ”

15 En al die manne wat ge-
weet het dat hulle vrouens vir
ander gode offerrook laat op-
gaan,[i] en al die vrouens wat
daar gestaan het as ’n groot ge-
meente, en die hele volk
wat in Egipteland,[j] in Patros,[k]
gewoon het, het Jeremia geant-
woord en gesê: 16 “Wat die
woord betref wat jy in die naam
van Jehovah tot ons ge-
spreek het, ons luister nie na
jou nie;[l] 17 maar ons sal gewis
elke woord uitvoer wat uit ons
mond uitgegaan het,[a] ten ein-
de vir die ‘koningin van die he-
mel’ offerrook te laat opgaan[b]
en om vir haar drankoffers uit
te giet,[c] net soos ons[d] en ons
voorvaders,[e] ons konings[f] en
ons vorste in die stede van Juda
en op die strate van Jerusalem
gedoen het, toe ons met brood
versadig is en goed daaraan toe
was en geen rampspoed gesien
het nie.[g] 18 En vandat ons op-
gehou het om vir die ‘koningin
van die hemel’ offerrook te laat
opgaan[h] en vir haar drankof-
fers uit te giet, het ons aan alles
gebrek gehad en het ons deur
die swaard en deur die honger-
snood aan ons einde gekom.[i]

19 “En het ons—toe ons vir
die ‘koningin van die hemel’ of-
ferrook laat opgaan het[j] en ge-
neig was om vir haar drankof-
fers uit te giet[k]—sonder om ons
mans te vra vir haar offerkoeke
gemaak, om ’n beeld van haar
te maak en vir haar drankoffers
uit te giet?”[l]

20 Hierop het Jeremia vir die
hele volk, vir die manne en vir
die vrouens en vir die hele volk
wat hom met ’n woord geant-
woord het, gesê: 21 “Wat die
offerrook betref wat julle in
die stede van Juda en op die
strate van Jerusalem laat op-
gaan het,[m] julle[n] en julle voor-
vaders,[o] julle konings[p] en julle
vorste[q] en die volk van die land,
was dít nie waaraan Jehovah ge-
dink het en wat in sy hart op-
gekom het nie?[r] 22 Uiteinde-
lik kon Jehovah dit nie meer
verdra weens die slegtheid van
julle handelinge, weens die ver-
foeilike dinge wat julle gedoen
het nie,[s] en daarom het julle
land ’n verwoeste plek en ’n
voorwerp van verbasing en ’n
vervloeking geword, sonder in-
woner, soos dit vandag is.[t]
23 Omdat julle offerrook laat

HFST. 44
a Le 17:10, Le 20:5, Jer 21:10, Am 9:4
b Jer 42:15
c Ese 30:13
d Jer 42:22
e Jer 42:18
f Jer 21:9, Jer 24:10, Jer 43:11
g Jes 30:2
h Jer 22:27
i De 13:6, De 13:8, Jer 44:9
j Jer 43:7
k Jer 44:1
l Spr 21:29, Jes 3:9, Jer 6:16, Jer 44:5

Tweede kol.
a Nu 30:12, Ps 17:10, Spr 1:31
b De 4:19, De 17:3, Jer 44:19
c De 32:38, Jer 7:18
d Jer 32:29
e 2Kn 17:16, Ne 9:34, Ps 106:6
f 2Kn 23:26, 2Kr 36:12, Da 9:8
g Eks 16:3
h De 4:19, Jer 7:18
i Job 21:14, Ps 73:12
j De 4:19, Jer 44:17
k Jes 57:6, Jer 7:18
l Nu 30:11, Nu 30:14, 2Kr 21:6
m Jer 11:13, Ese 16:24
n 1Kn 14:22
o 1Kn 11:33, Ps 79:8
p 1Kn 15:3, 2Kr 21:11, 2Kr 25:14, 2Kr 33:3, Jer 44:17
q Jer 32:32, Ese 8:12
r Ho 7:2, Am 8:7
s Ese 7:3
t 1Kn 9:8, Ps 107:34, Jer 25:11, Klg 2:15, Ese 11:21, Ese 33:29

opgaan het[a] en teen Jehovah ge-
sondig het[b] en die stem van Je-
hovah nie gehoorsaam het nie[c]
en in sy wet[d] en in sy inset-
tinge en in sy herinneringe nie
gewandel het nie, daarom het
hierdie rampspoed oor julle ge-
kom, soos dit vandag is.”[e]

**24** En Jeremia het verder vir
die hele volk en vir al die vroue
gesê: “Hoor die woord van Jeho-
vah, almal van Juda wat in Egip-
teland is.[f] **25** Só het Jehovah
van die leërs, die God van Is-
rael, gesê: ‘Wat julle en julle
vrouens[g] betref, julle, o vroue,
spreek ook met julle mond (en
met julle hande het julle almal
dit in vervulling laat gaan) en
sê: “Ons sal vir seker ons gelof-
tes nakom wat ons gedoen het,[h]
om vir die ‘koningin van die he-
mel’ offerrook te laat opgaan[i]
en om vir haar drankoffers uit
te giet.”[j] Vroue, julle sal vir se-
ker julle geloftes vervul, en jul-
le sal vir seker julle geloftes na-
kom.’

**26** “Daarom, hoor die woord
van Jehovah, almal van Juda
wat in Egipteland woon:[k]
‘“Kyk, ek het by my groot naam
gesweer”,[l] het Jehovah gesê,
“dat my naam nie meer iets sal
wees wat deur die mond van
enige man van Juda in die hele
Egipteland uitgeroep word,[m]
deurdat hy sê: ‘So waar as die
Soewereine Heer Jehovah le-
we!’[n] nie. **27** Kyk, ek bly wak-
ker ten opsigte van hulle ten
kwade en nie ten goede nie;[o]
en al die manne van Juda wat
in Egipteland is, sal beslis deur
die swaard en deur die honger-
snood aan hulle einde kom,
totdat hulle ophou bestaan.[p]
**28** En wat dié betref wat aan
die swaard ontkom, hulle sal uit
Egipteland na die land van Juda
terugkeer, min in getal;[q] en die
hele oorblyfsel van Juda, wat in
Egipteland kom om daar as
vreemdelinge te woon, sal beslis
weet wie se woord bewaarheid
word, myne of hulle s’n.” ’ ”[a]

**29** “ ‘En dít is vir julle die te-
ken’,[b] is die woord van Jeho-
vah, ‘dat ek my aandag op jul-
le rig in hierdie plek, sodat julle
kan weet dat my woorde vir se-
ker tot rampspoed oor julle be-
waarheid sal word:[c] **30** Só het
Jehovah gesê: “Kyk, ek gee fa-
rao Hofra, die koning van Egip-
te,[d] in die hand van sy vyande
en in die hand van dié wat sy
siel soek,[e] net soos ek Sedeki′a,
die koning van Juda, gegee het
in die hand van Nebukadre′sar,
die koning van Babilon, sy vy-
and en die een wat sy siel ge-
soek het.” ’ ”[f]

**45** Die woord wat die pro-
feet Jeremia tot Barug,[g]
die seun van Neri′a, gespreek
het toe hy hierdie woorde uit
die mond van Jeremia in ’n boek
geskryf het[h] in die vierde jaar
van Jo′jakim,[i] die seun van Jo-
si′a, die koning van Juda, toe hy
gesê het:

**2** “Só het Jehovah, die God
van Israel, oor jou gesê, o Ba-
rug: **3** ‘Jy het gesê: “Wee my
tog,[j] want Jehovah het droef-
heid by my pyn gevoeg! Ek het
moeg geword weens my gesug,
en ek het geen rusplek gevind
nie.” ’[k]

**4** “Só moet jy vir hom sê: ‘Só
het Jehovah gesê: “Kyk! Wat ek
opgebou het, breek ek af, en wat
ek geplant het, ruk ek uit, ja,
die hele land.[l] **5** Maar wat jou
betref, jy hou aan om vir jou
groot dinge te soek.[m] Moet dit
nie aanhou soek nie.” ’[n]

“ ‘Want kyk, ek bring ramp-
spoed oor alle vlees’,[o] is die
woord van Jehovah, ‘en ek sal
jou siel vir jou as buit gee in
al die plekke waarheen jy sal
gaan.’ ”[p]

**HFST. 44**
a Jer 44:8
b Klg 1:8
c 2Kr 36:16 Jer 44:5
d Ps 119:150
e 1Kn 9:9 Ne 13:18 Da 9:11
f Jer 43:7 Jer 46:14
g Jer 44:15
h Jes 30:1 Jes 65:2
i De 4:19 De 17:3 Jer 7:18
j Jer 44:17
k Jer 43:7
l Ge 22:16 Heb 6:13
m Ese 20:39
n Jes 48:2 Jer 5:2
o Jer 1:10 Jer 4:18 Jer 5:19 Jer 11:17 Jer 21:10 Jer 31:28 Ese 7:6
p Jer 44:12
q Le 26:44 Jes 27:13 Jer 44:14

**Tweede kol.**
a Ps 33:11 Jes 55:11
b 1Sa 2:34 1Sa 10:7 2Kn 20:9
c Jes 40:8
d Jer 46:25 Ese 29:3 Ese 30:10
e Jer 43:12 Jer 46:24
f 2Kn 25:7 Jer 34:21 Jer 39:5 Jer 52:9

**HFST. 45**
g Jer 32:12 Jer 43:3
h Jer 36:4 Jer 36:32
i Jer 25:1 Jer 36:1
j Jer 15:10
k Jer 8:18
l Jes 5:5 Jer 31:28
m Ro 12:16 1Ko 7:31 1Ti 6:6 Heb 13:5
n Flp 1:10
o Jes 66:16 Jer 25:26 Sef 3:8
p Jer 21:9 Jer 39:18 Jer 43:6

**46** Dít het as die woord van
Jehovah tot die profeet
Jeremia gekom aangaande die
nasies:[a] **2** Oor Egipte,[b] aan-
gaande die krygsmag van fa-
rao Nego, die koning van Egip-
te,[c] wat by die Eufraatrivier by
Kar′kemis[d] was, wat deur Ne-
bukadre′sar, die koning van Ba-
bilon, verslaan is in die vier-
de jaar van Jo′jakim,[e] die seun
van Josi′a, die koning van Juda:
**3** "STEL die klein en die groot
skild op, en ruk op na die geveg.[f]
**4** Span die perde in en klim op,
o ruiters, en neem stelling in
met die helm op. Vryf die lanse
blink. Trek die pantsers aan.[g]

**5** "'Waarom het ek hulle met
verskrikking vervul gesien?
Hulle wyk agteruit, en hulle
sterk manne is verbrysel; en
hulle het gewis gevlug, en hulle
het nie omgedraai nie.[h] Daar is
skrik rondom,'[i] is die woord van
Jehovah. **6** 'Laat die vinnige
nie probeer vlug nie, en laat die
sterke nie probeer ontkom nie.[j]
In die noorde,[k] aan die oewer
van die Eufraatrivier, het hulle
gestruikel en geval.'[l]

**7** "Wie is dit wat daar soos
die Nylrivier opkom, soos
die riviere waarvan die waters
bruis?[m] **8** Egipte kom op soos
die Nylrivier,[n] en soos riviere
bruis die waters.[o] En hy sê: 'Ek
sal optrek. Ek sal die aarde be-
dek. Ek sal die stad en dié wat
daarin woon, sonder meer ver-
nietig.'[p] **9** Trek op, o perde, en
ry in dolle vaart, o strydwaens!
En laat die sterk manne uit-
trek, Kus[q] en Put,[r] wat die skild
hanteer, en die Ludiete,[s] wat
die boog hanteer en trap.

**10** "En dié dag behoort aan
die Soewereine Heer, Jehovah
van die leërs, die dag van wraak
om hom op sy teenstanders te
wreek.[t] En die swaard sal be-
slis verslind en hom versadig en
hom vol drink aan hulle bloed,
want die Soewereine[a] Heer, Je-
hovah van die leërs, het 'n offe-
rande[b] in die land van die noor-
de, by die Eufraatrivier.[c]

**11** "Gaan op na Gi′lead en
gaan haal balsem,[d] o maagde-
like dogter van Egipte.[e] Tever-
geefs het jy die geneesmiddels
vermenigvuldig. Daar is geen
genesing vir jou nie.[f] **12** Die
nasies het van jou oneer ge-
hoor,[g] en jou geskreeu het die
land gevul.[h] Want hulle het ge-
struikel, sterk man teen sterk
man.[i] Hulle al twee het saam ge-
val."

**13** Die woord wat Jehovah
tot die profeet Jeremia ge-
spreek het oor die koms van
Nebukadre′sar, die koning van
Babilon, om Egipteland te
verslaan:[j] **14** "VERTEL dit in
Egipte, en verkondig dit in Mig-
dol,[k] en verkondig dit in Nof[l] en
in Tagpan′hes.[m] Sê: 'Neem stel-
ling in, tref ook vir jou voor-
bereidings,[n] want 'n swaard
sal beslis rondom jou ver-
slind.[o] **15** Waarom is jou mag-
tiges weggespoel?[p] Hulle het
nie bly staan nie, want Jehovah
het hulle weggestoot.[q] **16** In
groot getalle struikel hulle. Ook
val hulle. En hulle bly vir me-
kaar sê: "Staan tog op, en laat
ons tog terugkeer na ons volk
en na die land van ons fami-
lielede weens die verdrukken-
de swaard." ' **17** Daar het hul-
le uitgeroep: 'Farao, die koning
van Egipte, is net 'n geraas.[r] Hy
het die feestyd laat verbygaan.'[s]

**18** "'So waar as ek lewe',
is die woord van die Koning,
wie se naam Jehovah van die
leërs is,[t] 'soos Tabor[u] onder die
berge en soos Karmel[v] by die

**HFST. 46**
a Jer 1:10, Jer 25:15
b Jer 25:19, Ese 29:2, Ese 32:2
c 2Kn 23:29, 2Kr 35:20
d Jes 10:9
e 2Kn 23:36, 2Kr 36:5, Jer 25:1, Jer 36:1
f Jer 51:11
g 1Sa 17:5
h 2Kn 7:7
i Jes 19:16, Jer 6:25, Jer 49:29, Ese 32:10
j Ps 33:16
k Jer 1:14, Jer 6:1, Jer 25:9
l 2Kn 24:7, Jes 8:15
m Jes 8:7, Jer 47:2
n Ese 29:3
o Ese 32:2
p 2Kr 35:20
q Ge 10:6, 1Kr 1:8
r Ese 27:10, Ese 38:5, Na 3:9
s Ge 10:13, 1Kr 1:11, Jes 66:19, Ese 30:5
t Jes 13:6, Jl 1:15, Jl 2:1, Sef 1:14

**Tweede kol.**
a Ps 141:8
b De 32:42, Jes 34:6, Ese 39:17, Sef 1:7
c 2Kn 24:7
d Ge 37:25, Jer 8:22, Jer 51:8
e Jes 47:1, Jer 14:17
f Jer 30:12, Ese 30:21
g Ese 32:9
h Jer 49:21
i Jes 19:2
j Jer 43:10, Ese 29:19, Ese 30:10
k Jer 44:1, Ese 29:10, Ese 30:6
l Jes 19:13, Jer 2:16, Ho 9:6
m Jer 43:7, Ese 30:18
n Jer 6:4, Jl 3:9
o Jes 34:6, Jer 2:30, Jer 12:12, Jer 46:10
p Eks 15:10, Rig 5:21, Ps 18:4

q Ps 18:14; Ps 44:2; Ps 68:2; r 1Kn 20:11; Spr 12:24; Pr 3:8; s Ese 29:3; t Jes 48:2; Jer 44:26; Jer 48:15; Mal 1:14; u Jos 19:22; Rig 4:6; Ps 89:12; v 1Kn 18:42.

see sal hy inkom. **19** Kry vir
jou bagasie bymekaar vir bal-
lingskap,[a] o inwoonster, die
dogter[b] van Egipte. Want Nof[c]
sal 'n blote voorwerp van verba-
sing word en sal aan die brand
gesteek word, sodat dit sonder
inwoner is.[d] **20** Egipte is soos
'n baie mooi vers. Uit die noorde
sal 'n muskiet beslis teen haar
kom.[e] **21** Ook is haar huursol-
date in haar soos vetgemaak-
te kalwers.[f] Maar ook hulle het
padgegee;[g] hulle het saam ge-
vlug. Hulle het nie bly staan
nie.[h] Want die dag van hulle on-
geluk het oor hulle gekom, die
tyd dat daar aandag aan hulle
geskenk word.'[i]

**22** "'Haar stem is soos dié
van 'n slang wat wegseil;[j] want
met lewenskragtigheid sal men-
se gaan, en met byle sal hul-
le na haar toe kom, soos dié
wat stukke hout bymekaar-
maak. **23** Hulle sal beslis haar
woud uitkap',[k] is die woord van
Jehovah, 'want dit was ondeur-
dringbaar. Want hulle het talry-
ker as die sprinkaan geword,[l] en
hulle is sonder tal. **24** Die dog-
ter[m] van Egipte sal haar beslis
skaam. Sy sal in die hand van
die volk van die noorde gegee
word.'[n]

**25** "Jehovah van die leërs,
die God van Israel, het ge-
sê: 'Kyk, ek rig my aandag op
Amon[o] uit No[p] en op Farao en
op Egipte en op sy gode[q] en op
sy konings,[r] ja, op Farao en op
almal wat op hom vertrou.'[s]

**26** "'En ek sal hulle in die
hand gee van dié wat hulle siel
soek en in die hand van Nebu-
kadre′sar, die koning van Babi-
lon,[t] en in die hand van sy kneg-
te; en daarna sal dit bewoon
word soos in die dae van wel-
eer',[u] is die woord van Jehovah.

**27** "'En wat jou betref, moe-
nie bang wees nie, o my kneg
Jakob, en moenie met verskrik-
king vervul wees nie, o Israel.[a]
Want kyk, ek red jou uit ver
plekke en jou nageslag uit die
land van hulle gevangenskap.[b]
En Jakob sal beslis terugkeer
en rus hê en gerus wees, son-
der dat iemand hom laat bewe.[c]
**28** Wat jou betref, moenie bang
wees nie, o my kneg Jakob', is
die woord van Jehovah, 'want
ek is met jou.[d] Want ek sal al
die nasies uitroei waarheen ek
jou verstrooi het,[e] maar jou sal
ek nie uitroei nie.[f] Maar ek sal
jou in die regte mate moet tug-
tig,[g] en ek sal jou beslis nie on-
gestraf laat bly nie.'"[h]

**47** Dit is die woord van Je-
hovah wat tot die profeet
Jeremia gekom het oor die Fili-
styne[i] voordat Farao Gasa[j] ver-
slaan het. **2** Só het Jehovah
gesê:

"Kyk! Waters kom op[k] uit die
noorde[l] en het 'n oorlopende
stroom geword. En dit sal die
land oorstroom en alles wat dit
vul, die stad en dié wat daarin
woon.[m] En die mense sal beslis
skreeu, en almal wat in die land
woon, sal weeklaag.[n] **3** By die
geluid van sy hingste se hoewe
wat stamp,[o] by die geratel van
sy strydwaens,[p] die gedreun
van sy wiele,[q] sal die vaders
nie omdraai na die kinders nie,
omdat hulle hande slap geword
het, **4** weens die dag wat kom
om al die Filistyne te plun-
der,[r] om van Tirus[s] en van Si-
don[t] elke oorlewende uit te roei
wat gehelp het.[u] Want Jeho-
vah plunder die Filistyne,[v] wat
die oorblywendes van die eiland
Kaftor[w] is. **5** Gasa[x] sal kaal-
hoofdig[y] word. As′kelon[z] is tot

**HFST. 46**

a Ese 12:3
b Jer 48:18
c Jer 44:1
d Ese 32:15
Sef 2:5
e Jer 1:14
Jer 47:2
f Jer 50:27
g Jer 46:5
h Jer 46:15
i Ps 37:13
j Jes 29:4
k Ese 20:46
l Rig 6:5
Rig 7:12
Na 3:17
m Jer 46:11
n Jer 1:15
Jer 47:2
Ese 30:10
o Na 3:8
p Ese 30:14
q Eks 12:12
Jes 19:1
Jer 43:13
r 2Kn 7:6
s Jes 20:5
Jes 30:2
Jes 31:1
Jer 17:5
Jer 42:14
t Jer 43:11
Jer 44:30
Ese 32:11
u Ese 29:14

**Tweede kol.**

a Jes 41:13
Jes 43:1
Jes 44:2
Jer 30:10
b Jes 11:11
Jer 23:3
Jer 32:37
Ese 39:27
Am 9:14
c Jer 23:6
Jer 33:16
Jer 50:19
Sef 2:7
Sef 3:20
d Ps 46:7
Jes 43:2
Jer 1:19
Jer 15:20
Jer 30:10
Ro 8:31
e Jer 25:9
f Jer 5:10
Jer 30:11
Am 9:8
g Jer 10:24
1Ko 11:32
h Heb 12:5
Op 3:19

**HFST. 47**

i Jer 25:20
Ese 25:15
Sef 2:4
j Ge 10:19
1Kn 4:24
Am 1:6
Sag 9:5
k Jes 8:7
l Jer 1:14
Jer 46:6
m 2Kn 24:7
Jer 8:16
Jer 46:7

n Jer 46:12; o Rig 5:22; Spr 21:31; Jer 8:16; p Na 2:4; q Ese 26:10; Na 3:2; r Jes 14:31; Jer 25:20; Am 1:8; Sef 2:5; s Jes 23:1; Jer 25:22; Ese 26:2; Jl 3:4; Am 1:9; t Jes 23:4; Jer 27:3; Ese 28:21; u Ese 30:8; v Ese 25:16; Am 1:8; w Ge 10:14; De 2:23; x Sef 2:4; y Jes 15:2; z Jer 25:20; Sag 9:5.

swye gebring. O oorblyfsel van
hulle laagvlakte, hoe lank sal jy
jou bly stukkend sny?[a]
**6** “Ha, die swaard van Jeho-
vah![b] Hoe lank sal jy geen rus
hê nie? Keer terug in jou skede.[c]
Kom tot rus en wees stil.
**7** “Hoe kan dit rus hê, wan-
neer Jehovah dit ’n bevel gegee
het? Dit is vir As′kelon en vir
die seekus.[d] Daar het hy bestem
dat dit moet wees.”

**48** Oor Moab[e] het Jehovah
van die leërs, die God
van Israel, die volgende ge-
sê:[f] “Wee Nebo,[g] want dit is
geplunder! Kirjata′im[h] is be-
skaamd gemaak, is ingeneem.
Die veilige hoogte is beskaamd
gemaak en met verskrikking
vervul.[i] **2** Daar is geen lof vir
Moab meer nie.[j] In Hesbon[k] het
hulle rampspoed teen hom be-
dink: ‘Kom, en laat ons hom uit-
roei, sodat hy nie meer ’n nasie
is nie.’[l]
“Ook jy, o Madmen, moet stil-
bly. ’n Swaard agtervolg jou.
**3** Daar is die geluid van ’n ge-
skreeu uit Horona′im,[m] ’n plun-
dering en groot verbreking.
**4** Moab is verbreek.[n] Sy klein-
tjies het ’n geskreeu laat hoor.
**5** Want dit is met ’n gehuil dat
’n mens loop op die pad wat na
Luhit[o] opgaan—daar is ’n ge-
huil. Want op die pad wat van
Horona′im afdaal, het mense ’n
angswekkende geskreeu oor die
verbreking[p] gehoor.
**6** “Vlug; verskaf ontkoming
aan julle siel,[q] en julle sal soos
’n jenewerboom in die wilder-
nis word.[r] **7** Omdat jy op jou
werke en op jou skatte vertrou,
sal ook jy ingeneem word.[s] En
Kamos[t] sal beslis in ballingskap
gaan,[u] sy priesters en sy vorste
tegelykertyd.[v] **8** En die plun-
deraar sal oor elke stad kom,[w]
en geen stad sal kan ontkom
nie.[a] En die laagvlakte sal beslis
vergaan en die gelykte verdelg
word, iets wat Jehovah gesê het.
**9** “GEE aan Moab ’n padte-
ken, want wanneer hy in puin
val, sal hy weggaan;[b] en sy ste-
de sal ’n blote voorwerp van ver-
basing word, sonder dat iemand
daarin woon.[c]
**10** “Mag hy vervloek wees
wat die opdrag van Jehovah na-
latig uitvoer;[d] en mag hy ver-
vloek wees wat sy swaard van
bloed terughou!
**11** “Die Moabiete was van
hulle jeug af gerus,[e] en hulle bly
rustig op hulle afsaksel lê.[f] En
hulle is nie van een houer in ’n
ander leeggemaak nie, en in bal-
lingskap het hulle nie gegaan
nie. Daarom het hulle smaak in
hulle gebly, en selfs hulle geur
het nie verander nie.
**12** “‘Daarom, kyk! daar kom
dae’, is die woord van Jehovah,
‘en ek sal dié wat houers kan-
tel, na hulle toe stuur, en hulle
sal hulle beslis kantel;[g] en hul-
le houers sal hulle leegmaak,
en hulle groot kruike sal hul-
le stukkend slaan. **13** En die
Moabiete sal beskaamd moet
staan oor Kamos,[h] net soos die
huis van Israel beskaamd ge-
staan het oor Bet-El, hulle ver-
troue.[i] **14** Hoe durf julle sê:
“Ons is sterk manne[j] en manne
met lewenskragtigheid vir die
oorlog”?’
**15** “‘Moab is geplunder, en
daar is teen sy stede opgeruk.[k]
En hulle beste jong manne het
afgegaan na die slagting’,[l] is die
woord van die Koning, wie se
naam Jehovah van die leërs is.[m]
**16** “Die ongeluk oor die Moa-
biete is naby, en hulle ramp-
spoed kom baie vinnig nader.[n]
**17** Almal rondom hulle sal met
hulle moet simpatiseer, ja, al-
mal wat hulle naam ken.[o] SÊ:

HFST. 47
a Le 21:5, De 14:1, Jer 16:6, Jer 48:37
b De 32:41, Ese 21:3
c Ese 21:30
d Ese 25:16

HFST. 48
e Ge 19:37
f Jes 15:1
g Nu 32:38
h Jos 13:19, Ese 25:9
i Jes 15:2, Jes 16:12
j Jes 16:14
k Nu 32:37, Jes 16:8
l Ps 83:4
m Jes 15:5, Jer 48:34
n Nu 21:28
o Jes 15:5
p Nu 21:29, Jes 15:3
q Ese 18:23
r Job 30:3, Jer 17:6
s Jer 9:23, Ese 7:19, Ho 10:13
t Nu 21:29, Rig 11:24, 1Kn 11:7, 2Kn 23:13
u Jes 46:2, Jer 43:12
v Jer 49:3
w Jer 6:26

Tweede kol.
a Ese 25:9
b Jes 16:14
c Sef 2:9
d Nu 31:15, Rig 5:23, 1Sa 15:19, 1Kn 20:42
e Ps 123:4, Spr 1:32
f Sef 1:12
g Ese 25:9
h Rig 11:24, 1Kn 11:7, Jes 45:16
i 1Kn 12:29, Ho 10:15, Am 5:5
j Ps 33:16, Spr 8:13, Spr 15:25, Pr 9:11, Jes 2:12, Jes 16:6
k Jes 16:14, Jer 48:8
l Jes 34:2
m Ps 24:8, Jer 46:18, Da 4:37, Mal 1:14
n De 32:35, Jes 16:14, Ese 12:28, Ese 25:11
o Ro 1:32

‘Hoe is die sterk stok, die prag-
tige staf, tog gebreek!’[a]
18 “Kom af uit die heerlik-
heid en gaan sit in dors, o in-
woonster van die dogter[b] van
Dibon;[c] want die plunderaar
van Maob het teen jou opge-
trek. Hy sal jou vestings ver-
woes.[d]
19 “Gaan staan en kyk uit
na die pad, o inwoonster van
A′roër.[e] Vra hom wat vlug en
haar wat ontkom. Sê: ‘Wat
het gebeur?’[f] 20 Moab is be-
skaamd gemaak, want hy is
met verskrikking vervul.[g] Wee-
klaag en skreeu. VERTEL by die
Arnon[h] dat Moab geplunder is.
21 En oordeel het gekom oor
die land van die gelykte,[i] oor
Holon en oor Jahas[j] en teen
Mefa′ät,[k] 22 en teen Dibon[l] en
teen Nebo[m] en teen Bet-Dibla-
ta′im, 23 en teen Kirjata′im[n]
en teen Bet-Gamul en teen Bet-
Meon[o] 24 en teen Ke′rijot[p] en
teen Bosra[q] en teen al die stede
van die land Moab, dié wat ver
en dié wat naby is.
25 “‘Die horing van Moab
is afgekap,[r] en sy arm is ge-
breek’,[s] is die woord van Je-
hovah. 26 ‘MAAK hom dronk,[t]
want hy het hom baie groot ge-
hou teen Jehovah;[u] en Moab het
rondgerol in sy uitbraaksel,[v] en
hy het ’n voorwerp van spot ge-
word, ja hy.
27 “‘En het Israel nie vir jou
’n blote voorwerp van spot ge-
word nie?[w] Of is hy onder vol-
slae diewe aangetref?[x] Want jy
het jou kop geskud elke keer as
jy teen hom gepraat het.
28 “‘Verlaat die stede en
woon op die krans,[y] inwoners
van Moab, en word soos die duif
wat sy nes naby die opening van
die holte maak.’”[z]
29 “Ons het gehoor van
Moab se trots[a]—hy is baie hoog-
moedig—van sy hoogheid en
van sy trots en van sy hoog-
moed en van die verwaandheid
van sy hart.”[a]
30 “‘Ek het sy grimmigheid
geken’, is die woord van Je-
hovah, ‘en so sal dit nie wees
nie; sy leë praatjies[b]—hulle
sal nie presies so handel nie.[c]
31 Daarom sal ek oor Moab
weeklaag, en oor die hele Moab
sal ek dit uitskreeu.[d] Oor die
manne van Kir-Heres[e] sal men-
se kerm.
32 “‘Met meer as die gehuil
oor Jaser[f] sal ek oor jou huil,
o wingerdstok van Sibma.[g] Jou
geil lote het oor die see gegaan.
Tot by die see—tot by Jaser[h]—
het hulle gestrek. Die plunde-
raar het jou somervrugte[i] en
jou druiweoes oorval.[j] 33 En
blydskap en vreugde is uit die
boord en uit die land Moab weg-
geneem.[k] En uit die wynperse
het ek die wyn laat verdwyn.[l]
Niemand sal met gejuig trap
nie. Die gejuig sal geen gejuig
wees nie.’”[m]
34 “‘Van die geskreeu in
Hesbon[n] tot by Elea′le,[o] tot by
Jahas[p] het hulle hulle stem laat
hoor,[q] van Soar[r] af tot by Ho-
rona′im,[s] tot by Eg′lat-Selisi′a;[t]
want selfs die waters van Nim-
rim[u] sal blote woestenye word.
35 En ek sal in Moab ’n einde
maak’, is die woord van Jeho-
vah, ‘aan die een wat ’n offer
op die hoogte bring en die een
wat vir sy god offerrook laat
opgaan.[v] 36 Daarom sal my
hart onstuimig wees oor Moab,
soos fluite;[w] en oor die manne
van Kir-Heres[x] sal my hart on-
stuimig wees, soos fluite. Daar-
om sal die oorvloed wat hy

HFST. 48
a Jes 9:4; Jes 14:4
b Jes 47:1; Jer 46:19
c Nu 21:30; Jos 13:17; Jes 15:2
d Jer 48:8
e Nu 32:34; De 2:36; 2Sa 24:5; 1Kr 5:8
f 1Sa 4:14
g Jes 15:5
h Nu 21:13; Jos 13:9; Rig 11:18; Jes 16:7
i Sef 2:9
j Nu 21:23; Rig 11:20; Jes 15:4
k Jos 13:18; Jos 21:37; 1Kr 6:79
l Nu 32:34; Jer 48:18
m Nu 32:3; 1Kr 5:8
n Nu 32:37; Jer 48:1
o Nu 32:38; Jos 13:17; Ese 25:9
p Am 2:2
q De 4:43
r Ps 75:10
s Job 38:15; Ps 10:15; Ps 37:17; Ese 30:21
t Ps 75:8; Jer 25:15
u Jer 48:42; Ese 35:13
v Jes 19:14
w Ps 44:13; Spr 24:17; Klg 2:15; Sef 2:8
x Jer 2:26
y Rig 6:2
z Nu 24:21; Ps 55:6; Hgl 2:14; Jer 49:16
a Ps 94:2; Spr 8:13; Jes 16:6; Sef 2:10

Tweede kol.
a Job 40:12; Spr 18:12; Jes 25:11; Jak 4:6
b Jes 16:6; Jes 44:25; Jer 50:36
c Ps 33:10; Spr 21:30
d Jes 15:5
e 2Kn 3:25; Jes 16:7
f Nu 21:32; Nu 32:35; Jos 21:39
g Nu 32:38; Jos 13:19; Jes 16:8
h Jos 13:25
i Jer 40:10
j Jes 16:9; Jer 48:8; k Jer 25:10; Jl 1:12; l Jes 5:10; Jes 7:23; m Jes 16:10; Jer 25:30; n Nu 21:25; Jos 13:17; Jer 48:2; o Nu 32:37; Jes 16:9; p Nu 21:23; De 2:32; Rig 11:20; q Jes 15:4; r De 34:3; s Jer 48:3; t Jes 15:5; u Jes 15:6; v Nu 22:40; Jes 16:12; w Jes 15:5; Jes 16:11; Mt 9:23; x Jer 48:31.

voortgebring het, beslis ver-
gaan.[a] **37** Want op elke kop is
daar kaalheid,[b] en elke baard
is afgeknip.[c] Op al die hande is
daar snye,[d] en om die heupe is
daar saklinne!’ ”[e]
**38** “ ‘Op al die dakke van
Moab en op sy openbare plei-
ne—oral—is daar geweeklaag;[f]
want ek het Moab gebreek net
soos ’n houer waarin ’n mens
geen behae het nie’,[g] is die
woord van Jehovah. **39** ‘Hoe
het hy tog verskrik geword!
Weeklaag! Hoe het Moab tog die
rug gedraai! Hy het beskaamd
gestaan.[h] En Moab het ’n voor-
werp van spot en iets skrikwek-
kends vir almal rondom hom
geword.’ ”
**40** “Want só het Jehovah ge-
sê: ‘Kyk! Net soos ’n arend
wat neerskiet,[i] sal iemand ook
sy vlerke oor Moab uitsprei.[j]
**41** Die stede sal ingeneem word,
en sy versterkte plekke sal be-
slis verower word. En die hart
van die sterk manne van Moab
sal in dié dag word soos die hart
van ’n vrou wat in barensnood
verkeer.’ ”[k]
**42** “ ‘En Moab sal beslis ver-
delg word, sodat hy nie meer
’n volk is nie,[l] want teen Jeho-
vah het hy hom baie groot ge-
hou.[m] **43** Angs en die kuil en
die valstrik is oor jou, o inwoner
van Moab’,[n] is die woord van Je-
hovah. **44** ‘Elkeen wat vir die
angs vlug, sal in die kuil val;
en elkeen wat uit die kuil op-
klim, sal in die valstrik gevang
word.’[o]
“ ‘Want ek sal oor hom, oor
Moab, die jaar bring dat
daar aan hulle aandag geskenk
word’,[p] is die woord van Je-
hovah. **45** ‘In die skaduwee
van Hesbon het die vlugtelinge
kragteloos bly staan. Want ’n
vuur sal beslis uit Hesbon uit-
gaan,[q] en ’n vlam uit Sihon;[r] en
dit sal die slape van Moab en die
kroon van die kop van die kin-
ders van rumoer verteer.’[a]
**46** “ ‘Wee jou, o Moab![b] Die
volk van Kamos[c] het vergaan.
Want jou seuns is weggeneem
as gevangenes en jou dogters as
gevangenes. **47** En ek sal die
gevangenes van Moab aan die
einde van die dae versamel’,[d] is
die woord van Jehovah. ‘Tot so-
ver is die oordeel oor Moab.’ ”[e]

**49** Oor die kinders van Am-
mon[f] het Jehovah die vol-
gende gesê: “Het Israel geen
kinders nie, of het hy geen erf-
genaam nie? Waarom het Mal-
kam[g] Gad in besit geneem[h] en
het sy volk in Israel se stede
gaan woon?”[i]
**2** “ ‘Daarom, kyk! daar kom
dae’, is die woord van Jehovah,
‘en ek sal die alarmsein van die
oorlog[j] teen Rabba[k] van die kin-
ders van Ammon laat hoor; en
hy sal beslis ’n puinhoop word,
’n verlate woesteny,[l] en sy af-
hanklike dorpe[m] sal met vuur
aan die brand gesteek word.’[n]
“ ‘En Israel sal dié in besit
neem wat hom in besit geneem
het’,[o] het Jehovah gesê.
**3** “ ‘Weeklaag,[p] o Hesbon,[q]
want Ai is geplunder. Skreeu,
o afhanklike dorpe van Rab-
ba. Omgord julle met saklinne.[r]
Weeklaag en swerf rond tussen
die klipkrale, want Malkam sal
in ballingskap gaan,[s] sy pries-
ters en sy vorste, almal saam.[t]
**4** Waarom spog jy oor die laag-
vlaktes, jou stromende laag-
vlakte,[u] o ontroue dogter, wat
op haar skatte vertrou[v] en sê:
“Wie sal na my toe kom?” ’ ”[w]
**5** “ ‘Kyk, ek bring iets vrees-
liks oor jou’,[x] is die woord van

HFST. 48
a Spr 11:4; Spr 18:11; Jes 15:7; Jer 17:11
b Jer 16:6; Jer 47:5; Mi 1:16
c Jes 7:20; Jes 15:2
d Le 19:28; 1Kn 18:28; Jer 47:5
e Ge 37:34; Ese 27:31; Da 9:3
f Jes 15:3; Jes 22:1
g Jer 22:28; Ho 8:8
h Jes 20:4
i De 28:49; Klg 4:19; Ho 8:1; Hab 1:8
j Jes 8:8; Jer 49:22
k Jes 13:8; Jes 21:3; Jer 49:22; Mi 4:9; 1Te 5:3
l Ps 83:4; Jes 7:8; Jer 30:11
m Job 9:4; Spr 16:18; Jer 48:29
n Ps 11:6; Jes 24:17
o 1Kn 19:17; 1Kn 20:30; Am 2:14; Am 5:19
p Jes 10:3
q Nu 21:28; Am 2:2
r Nu 21:26; De 2:26; Jos 13:21

Tweede kol.
a Nu 24:17
b Nu 21:29
c Rig 11:24; 1Kn 11:7; 2Kn 23:13; Jer 48:7
d Jer 49:6; Jer 49:39
e Ese 25:11

HFST. 49
f Ge 19:38; De 2:19; 2Kr 20:1; Ne 2:19
g 1Kn 11:5; 1Kn 11:33; 2Kn 23:13; Sef 1:5
h Am 1:13
i Ps 9:6
j Jer 4:19
k De 3:11; Jos 13:25; Ese 25:5; Am 1:14
l Ese 21:20
m Nu 21:25; Jos 17:11
n Sef 2:9

o Jes 14:2; Jer 50:19; Mi 7:14; p Jes 13:6; q Jes 15:4; Jes 16:8; r Jes 32:11; Jer 4:8; Jer 6:26; s 1Kn 11:5; 1Kn 11:33; 2Kn 23:13; t Jer 48:7; Am 1:15; u Jer 9:23; v Jer 48:7; w Jer 21:13; x Jer 48:41.

die Soewereine[a] Heer, Jehovah
van die leërs, ‘van almal rond-
om jou. En julle sal beslis ver-
strooi word, elkeen in sy eie rig-
ting,[b] en daar sal niemand wees
wat die vlugtelinge bymekaar-
maak nie.’ ”

**6** “ ‘Maar daarna sal ek die
gevangenes van die kinders van
Ammon versamel’,[c] is die woord
van Jehovah.”

**7** Oor Edom het Jehovah van
die leërs die volgende gesê: “Is
daar geen wysheid[d] meer in Te-
man[e] nie? Het raad verdwyn by
dié wat begrip het? Het hulle
wysheid verrot?[f] **8** Vlug![g] Gee
pad! Gaan diep af om te woon,[h]
o inwoners van Dedan![i] Want
die ongeluk van Esau sal ek
oor hom bring, die tyd dat ek
my aandag op hom sal rig.[j]
**9** As druiweplukkers na jou
toe kom, sou hulle dan nie van
die oesoorblyfsels laat oorbly
nie? As diewe in die nag in-
kom, sou hulle beslis net soveel
verwoesting aanrig as wat hul-
le wil.[k] **10** Maar wat my be-
tref, ek sal Esau kaalstroop.[l]
Ek sal sy skuilplekke blootlê,[m]
en mense sal nie kan wegkruip
nie.[n] Sy nageslag en sy broers
en sy bure sal beslis geplun-
der word,[o] en hy sal daar nie
wees nie.[p] **11** Verlaat tog jou
vaderlose seuns.[q] Ek sal hulle in
die lewe hou, en jou weduwees
sal op my vertrou.”[r]

**12** Want só het Jehovah gesê:
“Kyk! Hoewel dit nie hulle ge-
woonte is om die beker te drink
nie, sal hulle vir seker drink.[s]
En jy, sal jy heeltemal ongestraf
bly? Jy sal nie ongestraf bly nie,
want jy sal vir seker drink.”[t]

**13** “Want ek het by myself
gesweer”,[u] is die woord van
Jehovah, “dat Bosra[v] ’n blo-
te voorwerp van verbasing,[w] ’n
smaad, ’n verwoesting en ’n ver-
vloeking sal word; en al sy stede
sal tot onbepaalde tyd verwoes-
te plekke word.”[a]

**14** ’n Berig het ek van Jeho-
vah gehoor, en ’n gesant is on-
der die nasies gestuur om te sê:
“Kom bymekaar, en trek teen
hom op, en staan op om oorlog
te voer.”[b]

**15** “Want kyk! ek het jou in-
derdaad klein gemaak onder die
nasies, verag onder die mens-
dom.[c] **16** Die siddering wat jy
veroorsaak het, het jou bedrieg,
die vermetelheid van jou hart,[d]
o jy wat in die skuilplekke van
die krans woon, wat die hoog-
te van die heuwel in besit hou.
Hoewel jy jou nes hoog bou soos
’n arend,[e] sal ek jou daarvan-
daan afbring”,[f] is die woord van
Jehovah. **17** “En Edom sal ’n
voorwerp van verbasing word.[g]
Elkeen wat daar verbygaan,
sal in verbasing staar en fluit
weens al sy plae.[h] **18** Net soos
by die verwoesting van Sodom
en Gomor′ra en sy naburige ste-
de”,[i] het Jehovah gesê, “sal geen
mens daar bly nie, en geen men-
sekind sal as ’n vreemdeling
daarin woon nie.[j]

**19** “Kyk! Iemand sal soos ’n
leeu[k] uit die trotse ruigtes
langs die Jordaan na die blywen-
de woonplek opkom,[l] maar in
’n oomblik sal ek hom daarvan-
daan laat vlug.[m] En die een wat
uitgekies is, sal ek daaroor aan-
stel. Want wie is soos ek,[n] en
wie sal my uitdaag,[o] en wie is
tog die herder wat voor my kan
standhou?[p] **20** Daarom, HOOR
die besluit van Jehovah wat hy
teen Edom geformuleer het[q] en
sy gedagtes wat hy teen die
inwoners van Teman uitgedink
het:[r] Waarlik, die kleintjies van
die kudde sal rondgesleep word.
Waarlik, weens hulle sal hy hul-
le woonplek woes laat word.[s]

**HFST. 49**
a Jer 46:10
b Jer 46:5
c Jer 46:26
d Ob 8
e Ge 36:11, 1Kr 1:35, 1Kr 1:36, Ese 25:13, Am 1:12
f Jes 29:14
g Jer 48:6, Jer 49:30
h Rig 6:2, 1Sa 13:6
i Jes 21:13, Jer 25:23
j Mal 1:3
k Ob 5
l Ob 6, Mal 1:3
m Jer 23:24
n Am 9:3
o Ob 9
p Jes 17:14
q Ps 82:3
r Ps 68:5, Ho 14:3, Jak 1:27
s Jer 25:15, Jer 25:17, Jer 25:28, Klg 4:21, Ob 16
t Jer 25:29, Jer 46:28
u Ge 22:16, Jes 45:23, Am 6:8
v Ge 36:33, Jes 34:6, Jes 63:1, Jer 49:22, Am 1:12
w Jer 49:17

**Tweede kol.**
a Ob 18, Mal 1:3
b Ob 1
c Ob 2
d Ob 3
e Job 39:27
f Spr 15:25, Am 9:2, Ob 4
g Jer 49:13
h 1Kn 9:8, Jer 51:37, Sef 2:15
i Ge 19:25, De 29:23, Jer 50:40, Am 4:11, Sef 2:9
j Jes 34:10, Jer 49:33
k Jer 4:7, Sag 11:3
l Jer 12:5
m Jer 50:44
n Eks 15:11, Ps 89:6, Ps 113:5
o Job 40:2
p Job 41:10, Ps 76:7, Na 1:6
q Ps 33:11, Spr 19:21, Jes 46:10, Han 4:28

r Ob 9; s Mal 1:4.

**21** By die geluid van hulle val
het die aarde begin bewe.[a] Daar
is ’n geskreeu![b] Die geluid daar-
van is selfs by die Rooi See[c] ge-
hoor. **22** Kyk! Soos ’n arend
sal iemand opstyg en neer-
skiet,[d] en hy sal sy vlerke oor
Bosra uitsprei;[e] en die hart van
die sterk manne van Edom sal
in dié dag word soos die hart
van die vrou wat in barensnood
verkeer.”[f]

**23** Oor Damaskus:[g] “Hamat[h]
en Arpad[i] het beskaamd ge-
staan, want hulle het ’n sleg-
te berig gehoor. Hulle het inme-
kaargestort.[j] In die see is daar
angstige besorgdheid; dit kan
nie rustig bly nie.[k] **24** Damas-
kus het moed verloor. Hy het
omgedraai om te vlug, en lou-
ter paniek het hom aange-
gryp.[l] Benoudheid en geboorte-
pyne het hom aangegryp, soos
by ’n vrou wat geboorte gee.[m]
**25** Hoe kom dit dat die stad van
lof nie verlaat is nie, die stad
van vreugde?[n]

**26** “Daarom sal sy jong man-
ne op sy openbare pleine val,
en al die krygsmanne sal in dié
dag tot swye gebring word”,[o] is
die woord van Jehovah van die
leërs. **27** “En ek sal ’n vuur
aansteek op die muur van Da-
maskus, en dit sal beslis die
woontorings van Ben-Hadad
verteer.”[p]

**28** Oor Kedar[q] en die konink-
ryke van Hasor,[r] wat deur Ne-
bukadre′sar, die koning van
Babilon, verslaan is,[s] het Jeho-
vah die volgende gesê: “STAAN
OP, trek op na Kedar, en plun-
der die kinders van die Ooste.[t]
**29** Hulle tente[u] en hulle klein-
vee[v] sal weggeneem word, hul-
le tentdoeke[w] en al hulle voor-
werpe. En hulle kamele[x] sal van
hulle af weggevoer word. En
hulle sal beslis vir hulle skreeu:
‘Daar is skrik rondom!’ ”[y]

**30** “Vlug, vlug ver weg; gaan
diep af om te woon, o inwoners
van Hasor”,[a] is die woord van
Jehovah. “Want Nebukadre′sar,
die koning van Babilon,[b] het ’n
besluit teen julle geformuleer
en het ’n gedagte teen julle uit-
gedink.”

**31** “STAAN OP, trek op teen
die nasie wat gerus is,[c] wat in
veiligheid woon!”[d] is die woord
van Jehovah.

“Dit het geen deure en geen
grendel nie. Hulle woon alleen.[e]
**32** En hulle kamele[f] sal roof-
goed en die menigte van hul-
le vee buit word. En ek sal
hulle in alle windrigtings ver-
strooi,[g] dié wat hulle hare aan
die slape weggeknip het;[h] en uit
al die streke daar naby sal ek
hulle ongeluk aanbring”, is die
woord van Jehovah. **33** “En
Hasor[i] sal die lêplek van jak-
kalse word,[j] ’n verlate woesteny
tot onbepaalde tyd. Geen mens
sal daar bly nie, en geen mense-
kind sal as ’n vreemdeling daar-
in woon nie.”[k]

**34** Dít het as die woord van
Jehovah tot Jeremia gekom oor
Elam,[l] in die begin van die ko-
ningskap van Sedeki′a,[m] die ko-
ning van Juda, en gesê: **35** “Só
het Jehovah van die leërs ge-
sê: ‘Kyk, ek breek die boog
van Elam,[n] die begin van hul-
le mag. **36** En ek sal die vier
winde uit die vier uithoeke van
die hemel[o] oor Elam bring. En
ek sal hulle in al hierdie wind-
rigtings verstrooi,[p] en daar sal
geen nasie wees waarheen die
verstrooides[q] van Elam nie sal
kom nie.’ ”

**37** “En ek sal die Elamiete
verpletter voor hulle vyande en
voor dié wat hulle siel soek;
en ek sal rampspoed oor hulle
bring, my brandende toorn”,[r] is
die woord van Jehovah. “En ek
sal die swaard agter hulle aan

**HFST. 49**
a Ese 31:16
b Jer 50:46
c 1Kn 9:26
d De 28:49, Jer 4:13, Ho 8:1
e Jer 48:40, Jer 49:13
f Jes 26:17
g Jes 17:1, Am 1:3
h Nu 13:21, 2Kn 17:24, Jes 10:9, Sag 9:2
i 2Kn 18:34
j Jos 2:11
k Jes 57:20
l Ps 48:5
m Jer 6:24, Jer 48:41
n Jer 51:41
o Jer 50:30, Jer 51:4, Klg 2:21
p 2Kn 16:9, Am 1:4
q Ge 25:13, 1Kr 1:29, Jes 42:11, Jer 2:10, Ese 27:21
r Jer 49:33
s Jer 27:6
t Rig 6:3
u Ps 120:5
v Jes 60:7
w Hab 3:7
x Rig 6:5
y Ps 31:13, Jer 6:25, Jer 46:5

**Tweede kol.**
a Jer 49:28
b Jer 27:6
c Ps 123:4, Jer 48:11
d Jes 47:8
e Nu 23:9, De 33:28, Mi 7:14
f Rig 6:5
g Ese 5:10
h Le 19:27, Jer 9:26, Jer 25:23
i Jer 49:28
j Jer 9:11, Jer 10:22, Mal 1:3
k Jer 50:39
l Ge 10:22, Jes 21:2, Jer 25:25, Ese 32:24, Da 8:2, Han 2:9
m 2Kn 24:18
n Jes 22:6, Jer 51:56
o Da 8:8, Da 11:4, Op 7:1
p Ese 5:10
q Ps 147:2
r Ps 69:24, Ps 90:11

stuur totdat ek hulle uitgeroei
het.”[a]
38 “En ek sal my troon in
Elam[b] plaas, en ek sal die ko-
ning en die vorste daaruit ver-
nietig”, is die woord van Jeho-
vah.
39 “En aan die einde van die
dae[c] sal ek beslis die gevange-
nes van Elam[d] versamel”, is die
woord van Jehovah.

**50** Die woord wat Jehovah
deur middel van die pro-
feet Jeremia oor Babilon,[e] oor
die land van die Galdeërs,[f] ge-
spreek het: **2** “Vertel dit on-
der die nasies en verkondig
dit.[g] En rig ’n baken op;[h] ver-
kondig dit. STEEK niks weg nie.
Sê: ‘Babilon is ingeneem.[i] Bel
is beskaamd gemaak.[j] Mero′-
dag het verskrik geword. Sy
beelde is beskaamd gemaak.[k] Sy
drekgode het verskrik geword.’
**3** Want ’n nasie het uit die
noorde teen hom opgetrek.[l] Dié
maak sy land ’n voorwerp van
verbasing, sodat niemand daar-
in woon nie.[m] Mense sowel as
mak diere het gevlug.[n] Hulle
het weggegaan.”[o]
**4** “In dié dae en in dié tyd”,[p]
is die woord van Jehovah, “sal
die kinders van Israel kom, hul-
le en die kinders van Juda tesa-
me.[q] Hulle sal loop, al huilende
sal hulle loop,[r] en hulle sal Jeho-
vah hulle God soek.[s] **5** Hulle
sal die pad na Sion bly vra, met
hulle gesig in daardie rigting,[t]
en sê: ‘Kom en laat ons ons met
Jehovah verbind in ’n verbond
wat tot onbepaalde tyd duur,
wat nie vergeet sal word nie.’[u]
**6** ’n Kudde sterwende skape
het my volk geword.[v] Hulle her-
ders het hulle laat ronddwaal.[w]
Op die berge het hulle hulle
weggelei.[x] Van berg na heuwel
het hulle gegaan. Hulle het hul-
le rusplek[a] vergeet. **7** Almal
wat hulle gevind het, het hul-
le opgeëet,[b] en hulle teenstan-
ders het gesê:[c] ‘Ons sal ons nie
skuldig maak nie,[d] want hulle
het gesondig teen Jehovah, die
woonplek van regverdigheid[e]
en die hoop van hulle voorva-
ders,[f] Jehovah.’ ”
**8** “Vlug uit Babilon uit, en
gaan uit die land van die Gal-
deërs uit,[g] en word soos die
leierdiere voor die kudde.[h]
**9** Want kyk, ek verwek ’n ver-
sameling van groot nasies uit
die land van die noorde en laat
hulle teen Babilon optrek,[i] en
hulle sal hulle beslis teen hom
opstel.[j] Daarvandaan sal hy in-
geneem word.[k] Hulle pyle is
soos dié van ’n sterk man wat
die verlies van kinders veroor-
saak, wat nie onverrigter sake
terugkeer nie.[l] **10** En Galde′a
sal ’n buit word.[m] Almal wat
hom buitmaak, sal hulle versa-
dig”,[n] is die woord van Jehovah.
**11** “Want julle het julle deur-
entyd verbly,[o] want julle het jul-
le deurentyd verheug toe julle
my erfdeel geplunder het.[p] Want
julle het met die voete bly stamp
soos ’n vers in die jong gras,[q]
en julle het soos hingste bly
runnik.[r] **12** Julle moeder het
grootliks beskaamd gestaan.[s]
Sy wat aan julle geboorte gegee
het, is teleurgestel.[t] Kyk! Sy is
die onbelangrikste van die na-
sies, ’n waterlose wildernis en
’n woestynvlakte.[u] **13** Weens
die verontwaardiging van Jeho-
vah sal dit nie bewoon word
nie,[v] en dit sal in sy geheel ’n
verlate woesteny word.[w] Elk-
een wat by Babilon verbygaan,
sal in verbasing staar en fluit
weens al sy plae.[x]

**HFST. 49**
a Jer 9:16
b Jer 25:25
c Da 2:28
d Da 8:2

**HFST. 50**
e Jes 13:1
f Han 7:4
g Jer 4:16; Jer 46:14
h Jes 13:2
i Jer 50:24; Jer 50:46; Jer 51:8; Op 14:8
j Jes 46:1; Jer 51:44
k Jes 37:19; Sef 2:11
l Jes 13:17; Jer 51:11; Jer 51:48
m Jer 51:29
n Sef 1:3
o Jer 51:29
p Jer 33:15
q Jes 11:12; Jer 3:18; Ho 1:11
r Ps 126:5; Jer 31:9; Jl 2:12
s Ho 3:5; Sag 8:21
t Jes 35:10
u Jer 31:31; Ho 3:5
v Jes 53:6; 1Pe 2:25
w Jer 10:21; Jer 23:2; Ese 34:2; Sag 11:5
x Ese 34:6

**Tweede kol.**
a Ps 23:2; Ese 34:25
b Ps 79:7
c Klg 1:7
d Jer 2:3
e Ps 90:1; Ps 91:1; Da 9:16
f Ps 22:4; Jer 14:8; Jer 17:13
g Jes 48:20; Jer 51:6; Jer 51:45; Sag 2:7; 2Ko 6:17; Op 18:4
h Spr 30:31
i Jes 21:2; Jer 51:48; Da 5:28
j Jer 50:14; Jer 51:27; Jer 51:28
k Jer 50:2
l Jes 13:18; Jer 51:11
m Jer 25:12; Jer 27:7
n Op 17:16
o Spr 17:5; Klg 1:21; Ob 12
p Jes 14:6; Jes 47:6; Jer 30:16; q Ho 10:11; r Jer 5:8; s Jes 47:8; t Op 17:5; u Jes 13:21; Jes 25:12; v Sag 1:15; w Jes 13:20; Jer 25:12; x Jer 25:9; Jer 51:37.

**14** “Stel julle aan alle kan-
te teen Babilon op,[a] julle almal
wat die boog trap.[b] Skiet na
hom.[c] Spaar geen pyl nie, want
teen Jehovah het hy gesondig.[d]
**15** Hef aan alle kante ’n oor-
logskreet teen hom aan.[e] Hy
het sy hand gegee.[f] Sy pila-
re het geval. Sy mure is afge-
breek.[g] Want dit is die wraak
van Jehovah.[h] Wreek julle op
hom. Doen aan hom net soos
hy gedoen het.[i] **16** Roei die
saaier uit Babilon uit[j] en die een
wat die sekel in die oestyd han-
teer. Weens die verdrukkende
swaard sal elkeen hom tot sy eie
volk wend, en hulle sal elkeen
na sy eie land vlug.[k]

**17** “Israel is ’n rondgejaag-
de skaap.[l] Leeus het hom ver-
dryf.[m] In die eerste geval het
die koning van Assi′rië hom ver-
slind,[n] en in hierdie laaste geval
het Nebukadre′sar, die koning
van Babilon, aan sy gebeente
geknaag.[o] **18** Daarom, só het
Jehovah van die leërs, die God
van Israel, gesê: ‘Kyk, ek rig my
aandag op die koning van Babi-
lon en op sy land net soos ek my
aandag op die koning van Assi′-
rië gerig het.[p] **19** En ek sal Is-
rael na sy weiveld terugbring,[q]
en hy sal beslis op die Karmel[r]
en in Basan[s] wei; en in die berg-
streek van E′fraim[t] en van Gi-
lead[u] sal sy siel versadig word.’ ”

**20** “En in dié dae en in dié
tyd”,[v] is die woord van Jeho-
vah, “sal die oortreding van Is-
rael gesoek word,[w] maar dit sal
daar nie wees nie; en die sondes
van Juda,[x] en hulle sal nie ge-
vind word nie, want ek sal dié
vergewe wat ek laat oorbly.”[y]

**21** “Teen die land Merata′im
—trek daarteen[z] op en teen die
inwoners van Pekod.[a] Laat ’n
slagting en vernietiging hulle
inhaal”, is die woord van Jeho-
vah, “en doen volgens alles wat
ek jou beveel het.[a] **22** Daar
is die geluid van oorlog in die
land en ’n groot verbreking.[b]
**23** Hoe is die smeehamer[c] van
die hele aarde tog afgekap en
gebreek![d] Hoe het Babilon tog
’n blote voorwerp van verba-
sing onder die nasies geword![e]
**24** Ek het vir jou ’n strik gestel,
en jy is ook gevang, o Babilon,
en jy het dit nie geweet nie.[f] Jy
is gevind en ook gegryp, want
vir Jehovah het jy jou vererg.[g]

**25** “Jehovah het sy skatka-
mer oopgemaak en hy bring
die wapens van sy veroorde-
ling uit.[h] Want die Soewerei-
ne[i] Heer, Jehovah van die leërs,
het ’n werk in die land van die
Galdeërs.[j] **26** Kom hom binne
vanuit die verste streek.[k] Maak
sy graanskure oop.[l] Stapel hom
op, soos dié wat hope maak,[m] en
gee hom aan vernietiging oor.[n]
Laat hy geen oorblywendes hê
nie.[o] **27** Maak al sy jong bul-
le van kant.[p] Laat hulle afgaan
om geslag te word.[q] Wee hulle,
want hulle dag het gekom, die
tyd dat daar aandag aan hulle
geskenk word![r]

**28** “Daar is die geluid van
dié wat vlug en dié wat ontkom
uit die land van Babilon,[s] om in
Sion die wraak van Jehovah ons
God,[t] die wraak vir sy tempel,[u]
aan te kondig.

**29** “ROEP boogskutters teen
Babilon op, almal wat die boog
trap.[v] Slaan rondom teen hom
kamp op. Laat niemand ont-
kom nie.[w] Vergeld hom volgens
sy dade.[x] Doen aan hom volgens
alles wat hy gedoen het.[y] Want
teen Jehovah het hy vermetel
gehandel, teen die Heilige van
Israel.[z] **30** Daarom sal sy jong

HFST. 50

a Jer 51:2; Jer 51:12
b Jer 46:9
c Jes 13:18; Jer 51:11
d Jer 51:35
e Jer 51:14; Jer 51:25
f Ese 17:18
g Jer 51:58
h Jer 51:6; Jer 51:11
i Ps 137:8; 2Te 1:6; Op 18:6
j Jer 51:23
k Jes 13:14; Jer 46:16; Jer 51:9
l Jer 23:1; Jer 50:6; Ese 34:5; Mt 9:36
m Jer 2:15
n 2Kn 17:6; Jes 8:7
o 2Kn 25:1; 2Kr 36:17; Jer 4:7
p 2Kn 19:35; Jes 14:25; Sef 2:13
q Jes 11:16; Jes 65:10; Jer 23:3; Jer 33:7; Mi 2:12
r Jes 35:2; Ese 34:14
s Mi 7:14
t Jer 31:6
u Ob 19
v Jer 33:15
w Jes 44:22
x Jer 31:34
y Jes 1:9; Mi 7:19
z Jer 50:1
a Ese 23:23

Tweede kol.

a Jes 10:6; Jes 44:28
b Jer 51:54
c Jes 10:15; Jes 14:6
d Jer 51:20
e Jer 50:13; Jer 51:41; Op 18:16
f Jer 51:8; Jer 51:31; Da 5:30; Op 18:8
g Job 9:4; 1Ko 10:22
h Jes 13:5; Jer 51:11
i Jer 46:10
j Jer 51:12
k Jer 51:27
l Jer 50:10
m Jes 25:10
n Jes 14:23
o Op 18:21
p Ps 22:12; Jes 34:7
q Jer 25:33
r Jer 23:12; Jer 48:44; Jer 51:52; s Jer 51:55; t Jer 50:15; u Ps 94:1; Jer 51:11; v Jer 50:14; w Jes 13:19; x Ps 137:8; Jer 51:56; y Klg 3:64; 2Te 1:6; Op 18:6; z Jes 14:13; Jes 47:4.

manne op sy openbare pleine
val,[a] en selfs al sy krygsmanne
sal in dié dag tot swye gebring
word",[b] is die woord van Jeho-
vah.

**31** "Kyk! Ek is teen jou,[c] o
Vermetelheid",[d] is die woord
van die Soewereine[e] Heer, Je-
hovah van die leërs, "want jou
dag sal kom, die tyd dat ek aan-
dag aan jou sal skenk. **32** En
Vermetelheid sal beslis struikel
en val,[f] en hy sal niemand hê
om hom op te help nie.[g] En ek
sal 'n vuur in sy stede aansteek,
en dit sal sy hele omgewing ver-
teer."[h]

**33** Só het Jehovah van die
leërs gesê: "Die kinders van Is-
rael en die kinders van Juda
word saam onderdruk, en al-
mal wat hulle gevange geneem
het, het hulle vasgehou.[i] Hul-
le het geweier om hulle te laat
gaan.[j] **34** Hulle Terugkoper is
sterk,[k] Jehovah van die leërs is
sy naam.[l] Hy sal vir seker hulle
regsaak voer,[m] om die land rus
te gee[n] en die inwoners van Ba-
bilon in beroering te bring."[o]

**35** "Daar is 'n swaard teen
die Galdeërs",[p] is die woord
van Jehovah, "en teen die in-
woners van Babilon[q] en teen
sy vorste[r] en teen sy wyses.[s]
**36** Daar is 'n swaard teen die
leë praatjiesmakers,[t] en hulle
sal beslis dwaas optree.[u] Daar
is 'n swaard teen sy sterk man-
ne,[v] en hulle sal verskrik word.[w]
**37** Daar is 'n swaard teen hulle
perde[x] en teen hulle strydwaens
en teen die hele gemengde ge-
selskap wat daarin is,[y] en hulle
sal beslis vroue word.[z] Daar is
'n swaard teen sy skatte,[a] en dit
sal geplunder word. **38** Daar
is 'n verwoesting oor sy waters,
en dit sal opdroog.[b] Want dit is
'n land van gesnede beelde,[c] en
weens hulle skrikwekkende vi-
sioene bly hulle waansinnig op-
tree. **39** Daarom sal die bewo-
ners van waterlose streke saam
met die huilende diere bly, en
die volstruise sal daarin bly;[a] en
dit sal nooit weer bewoon word
nie, en ook sal dit van geslag tot
geslag nie bly bestaan nie."[b]

**40** "Soos by God se verwoes-
ting van Sodom en van Go-
mor'ra[c] en sy afhanklike dor-
pe",[d] is die woord van Jehovah,
"sal geen mens daar bly nie, en
ook sal die mensekind nie as 'n
vreemdeling daarin woon nie.[e]

**41** "Kyk! Daar kom 'n volk
uit die noorde; en 'n groot nasie[f]
en groot konings[g] sal opgewek
word uit die mees afgeleë dele
van die aarde.[h] **42** Boog en
werpspies hanteer hulle.[i] Hulle
is wreed en sal geen barmhar-
tigheid bewys nie.[j] Hulle ge-
luid is soos die see wat onstui-
mig is,[k] en op perde sal hulle ry,[l]
soos een man opgestel vir oor-
log teen jou, o dogter van Babi-
lon.[m]

**43** "Die koning van Babilon
het die berig oor hulle gehoor,[n]
en sy hande het slap geword.[o]
Daar is benoudheid! Hewige
pyne het hom aangegryp, net
soos 'n vrou wat geboorte gee.[p]

**44** "Kyk! Iemand sal soos 'n
leeu uit die trotse ruigtes langs
die Jordaan na die blywende
woonplek opkom,[q] maar in 'n
oomblik sal ek hulle daarvan-
daan laat vlug.[r] En die een wat
uitgekies is, sal ek daaroor aan-
stel.[s] Want wie is soos ek,[t] en
wie sal my uitdaag,[u] en wie is
tog die herder wat voor my kan
standhou?[v] **45** Daarom, HOOR
die besluit[w] van Jehovah wat hy
teen Babilon geformuleer het[x]
en sy gedagtes wat hy teen die

**HFST. 50**

**a** Jes 13:18, Jer 9:21, Jer 49:26, Jer 51:4
**b** Jer 51:56
**c** Jer 51:25
**d** Spr 11:2, Jes 14:13, Da 4:30
**e** Jer 46:10, Op 6:10
**f** Spr 18:12, Da 5:20, Op 18:2
**g** Jer 51:26, Op 18:8
**h** Jer 21:14
**i** Jes 47:6
**j** Jes 14:17
**k** Jes 41:14, Op 18:8
**l** Jes 47:4
**m** Ps 35:1, Ps 43:1, Klg 3:59
**n** Jes 14:3
**o** Jes 13:1, Jer 51:24
**p** Jes 66:16, Jer 50:1
**q** Jer 51:12
**r** Jer 51:57
**s** Jes 47:13, Da 5:7
**t** Jes 44:25
**u** 2Sa 15:31
**v** Jer 51:23
**w** Jer 51:30
**x** Jer 51:21
**y** Jer 25:20, Ese 30:5
**z** Jes 13:8
**a** Jes 45:3
**b** Jes 44:27, Jer 51:36, Op 16:12
**c** Jes 46:1, Jer 51:52, Da 5:4

**Tweede kol.**

**a** Jes 13:21, Jer 51:37, Op 18:2
**b** Jes 13:20, Jer 25:12, Jer 51:43, Jer 51:64
**c** Ge 19:24, De 29:23, Jes 13:19
**d** Ge 19:25, Jud 7
**e** Jes 1:9, Jer 49:18, Jer 51:26
**f** Jes 13:17, Jer 25:14, Jer 51:27
**g** Jes 45:1, Jer 51:11, Jer 51:28
**h** Jes 13:5
**i** Jer 50:9
**j** Ps 137:8, Jes 13:18, Op 17:16
**k** Jes 5:30, Jer 51:42
**l** Jer 47:3

**m** Jer 51:27; **n** Jer 51:31; **o** Da 5:6; **p** Jer 49:24; **q** Sag 11:3; **r** Jer 49:19; **s** Jes 41:25; **t** Ps 89:6; Jes 40:18; **u** Job 40:2; **v** Job 41:10; Jer 49:19; **w** Jes 42:9; **x** Jes 14:24; Jes 46:10; Jer 51:11.

land van die Galdeërs uitgedink
het.[a] Die kleintjies van die kud-
de sal beslis rondgesleep word.[b]
Weens hulle sal hy hulle woon-
plek beslis woes laat word.[c]
**46** By die geluid dat Babilon
verower is, sal die aarde beslis
tot bewing gebring word,[d] en ’n
geskreeu sal onder die nasies
gehoor word."[e]

**51** Só het Jehovah gesê:
"Kyk, ek wek ’n verwoes-
tende wind[f] teen Babilon[g] en
teen die inwoners van Leb-Ka-
mai op; **2** en ek sal wanners
na Babilon stuur wat hom be-
slis sal wan en wat sy land sal
leegmaak;[h] want op die dag van
rampspoed sal hulle aan alle
kante teen hom wees.[i]

**3** "Laat hom wat sy boog
trap, nie trap nie.[j] En laat nie-
mand in sy pantser opstaan nie.

"En julle moet geen medelye
met sy jong manne betoon nie.[k]
Gee sy hele leër aan vernieti-
ging oor.[l] **4** En hulle sal val,
omgebring in die land van die
Galdeërs[m] en deurboor op sy
strate.[n]

**5** "Want Israel en Juda[o] is
nie in weduweeskap ten opsigte
van hulle God, van Jehovah van
die leërs nie.[p] Want hulle land
was vol skuld vanuit die stand-
punt van die Heilige van Israel.[q]

**6** "VLUG uit Babilon uit,[r] en
laat elkeen aan sy siel ont-
koming verskaf.[s] Moenie deur
sy oortreding leweloos gemaak
word nie.[t] Want dit is die tyd
van wraak wat aan Jehovah be-
hoort.[u] Hy vergeld hom sy han-
delswyse.[v] **7** Babilon was in
die hand van Jehovah ’n goue
beker,[w] wat die hele aarde
dronk gemaak het.[x] Van sy wyn
het die nasies gedrink.[y] Daar-
om bly die nasies waansinnig
optree.[z] **8** Skielik het Babi-
lon geval, sodat hy gebroke is.[a]
WEEKLAAG oor hom.[b] Neem bal-
sem vir sy pyn.[c] Miskien sal hy
gesond word."

**9** "Ons wou Babilon gesond
maak, maar hy het nie gesond
geword nie. VERLAAT hom[d] en
laat ons elkeen na sy eie land
gaan.[e] Want sy oordeel het tot
aan die hemel gereik, en dit is
tot by die bewolkte lug verhef.[f]
**10** Jehovah het dade van reg-
verdigheid vir ons voortge-
bring.[g] Kom en laat ons in Sion
die werk van Jehovah ons God
verkondig."[h]

**11** "Maak skerp die pyle.[i]
VUL die ronde skilde. Jehovah
het die gees van die konings
van die Mede opgewek,[j] want sy
idee is teen Babilon,[k] om hom te
verwoes. Want dit is die wraak
van Jehovah, die wraak vir sy
tempel.[l] **12** Rig ’n baken teen
die mure van Babilon op.[m] Ver-
sterk die wag.[n] Sit die wagte
uit. Maak die hinderlae gereed.[o]
Want Jehovah het nie net die
idee gevorm nie, maar hy sal be-
slis ook doen wat hy teen die
inwoners van Babilon gespreek
het."[p]

**13** "O vrou wat op groot wa-
ters woon,[q] ryk aan skatte,[r] jou
einde het gekom, die maat[s] van
jou winsmakery.[t] **14** Jehovah
van die leërs het by sy eie siel
gesweer:[u] ‘Ek sal jou met men-
se vul, soos die sprinkane,[v] en
hulle sal beslis ’n gejuig oor jou
aanhef.’[w] **15** Hy is die Maker
van die aarde deur sy krag,[x]
die Een wat die vrugbare land[y]
stewig vestig deur sy wysheid,[z]
en die Een wat die hemel uit-
gespan het[a] deur sy verstand.[b]
**16** Wanneer hy sy stem laat

**HFST. 50**
a Jer 1:10
b Jer 49:20
c Jes 13:20; Jer 51:43
d Jes 14:9
e Op 18:9

**HFST. 51**
f Jer 4:11; Jer 49:36
g Jer 50:9
h Jes 41:16; Jer 15:7; Mt 3:12
i Jer 50:14; Jer 50:29
j Jer 50:14
k Jes 13:18; Jer 50:30
l Jer 50:21
m Jer 25:12
n Jes 13:15
o Sag 2:12
p Ps 94:14; Jes 44:21; Jer 46:28
q Jer 16:18; Ese 8:17
r Jer 50:8; Op 18:4
s Sag 2:7
t Ge 19:26; Nu 16:26
u Ps 94:1; Jer 46:10; Jer 50:15
v Jer 25:14
w Op 17:4
x Op 17:2
y Op 18:3; Op 19:2
z Jer 25:16; Jer 50:38

**Tweede kol.**
a Jes 21:9; Jes 47:9; 1Te 5:2; Op 14:8; Op 18:2
b Jer 48:20; Op 18:9
c Jer 8:22; Jer 46:11
d Op 18:4
e Jes 13:14; Jer 50:16
f Op 18:5
g Ps 37:6; Mi 7:9
h Jer 50:28
i Jer 50:14
j 2Kr 36:22; Jes 13:17; Jes 45:1
k Jer 50:45
l Jer 50:28
m Jes 13:2
n Na 2:1
o Jos 8:14
p Op 17:17
q Op 17:1; Op 17:15
r Jes 45:3; Jer 50:37; Op 18:12
s Jer 50:27

---

**t** Hab 2:9; Op 18:19; **u** Jer 49:13; Am 6:8; Heb 6:13; **v** Rig 6:5; Na 3:15; **w** Jer 50:15; **x** Ge 1:1; Ps 146:6; Jes 45:18; Jer 10:12; Han 14:15; **y** Ps 93:1; Ps 96:10; **z** Ps 104:24; Spr 3:19; **a** Job 9:8; Ps 104:2; Jes 40:22; **b** Ps 136:5.

hoor, laat hy waters in die he-
mel druis, en hy laat dampe
van die einde van die aarde
af opstyg.[a] Hy het selfs slui-
se vir die reën gemaak,[b] en
hy bring die wind uit sy skat-
kamers te voorskyn. **17** Elke
mens het hom so redeloos ge-
dra dat hy niks weet nie.[c] Elke
metaalwerker sal hom beslis
skaam vir die gesnede beeld;[d]
want sy gegote beeld is 'n leu-
en,[e] en daar is geen gees in hul-
le nie.[f] **18** Hulle is nietigheid,[g]
'n bespotlike maaksel.[h] In die
tyd dat daar aandag aan hul-
le geskenk word, sal hulle ver-
gaan.[i]

**19** "Die Deel van Jakob is nie
soos hierdie dinge nie,[j] want hy
is die Formeerder van alles,[k] ja,
die staf van sy erfdeel.[l] Jehovah
van die leërs is sy naam."[m]

**20** "Jy is vir my 'n knuppel,
soos oorlogswapens,[n] en deur
jou sal ek nasies beslis verplet-
ter, en deur jou sal ek konink-
ryke verwoes. **21** En deur jou
sal ek die perd en sy ruiter ver-
pletter, en deur jou sal ek die
strydwa en sy ruiter verplet-
ter.[o] **22** En deur jou sal ek
man en vrou verpletter, en deur
jou sal ek ou man en seun ver-
pletter, en deur jou sal ek
jong man en maagd verpletter.
**23** En deur jou sal ek die herder
en sy kudde verpletter, en deur
jou sal ek die landbouer en sy
span diere verpletter, en deur
jou sal ek goewerneurs en on-
derheersers verpletter. **24** En
ek sal aan Babilon en aan al
die inwoners van Galde'a al hul-
le slegtheid vergeld wat hulle in
Sion voor julle oë bedryf het",[p]
is die woord van Jehovah.

**25** "Kyk, ek is teen jou,[q] o
verwoestende berg",[r] is die
woord van Jehovah, "jy wat die
hele aarde verwoes;[s] en ek sal
my hand teen jou uitsteek en
jou van die kranse af wegrol en
jou 'n uitgebrande berg maak."[a]

**26** "En mense sal nie uit jou
'n klip vir 'n hoek of 'n klip vir
fondamente neem nie,[b] want jy
sal verlate woestenye tot onbe-
paalde tyd word",[c] is die woord
van Jehovah.

**27** "RIG 'n baken in die land
op.[d] Blaas 'n horing onder die
nasies. Heilig[e] die nasies teen
hom. Roep die koninkryke van
A'rarat,[f] Minni en As'kenas[g]
teen hom op. Stel 'n werwings-
offisier teen hom aan. Laat die
perde[h] soos stekelrige sprinka-
ne opkom. **28** Heilig die na-
sies teen hom, die konings van
Medië,[i] die goewerneurs en al
die onderheersers daarvan en
die hele land waaroor elkeen
heerskappy voer. **29** En laat
die aarde bewe en ineenkrimp
van pyn,[j] want teen Babilon het
die gedagtes van Jehovah op-
gekom, om die land van Babi-
lon 'n voorwerp van verbasing
te maak, sonder inwoner.[k]

**30** "Die sterk manne van Ba-
bilon het opgehou veg. Hulle
het in die versterkte plekke bly
sit. Hulle mag het opgedroog.[l]
Hulle het vroue geword.[m] Sy
woonplekke is aan die brand ge-
steek. Sy grendels is gebreek.[n]

**31** "Die een hardloper hard-
loop die ander hardloper tege-
moet, en die een boodskapper
die ander boodskapper,[o] om vir
die koning van Babilon te vertel
dat sy stad aan alle kante inge-
neem is,[p] **32** en dat die driw-
we beset is,[q] en dat hulle die
papirusbote met vuur verbrand
het, en dat die krygsmanne ont-
steld is."[r]

**33** Want só het Jehovah van
die leërs, die God van Israel, ge-
sê: "Die dogter van Babilon is
soos 'n dorsvloer.[s] Dit is die tyd

**HFST. 51**

a Ps 135:7
b Jer 10:13
c Ps 14:2
d Jes 44:11
e 1Ko 8:4
f Ps 135:17; Jer 10:14; Hab 2:19
g Jer 8:19; Jer 14:22
h Jes 41:29
i Jer 10:15
j Ps 16:5
k Jer 33:2; Ro 9:20
l De 32:9; Jer 10:16
m Jes 47:4
n Jes 13:3
o Jer 50:37
p Job 34:11; Ps 137:8; Ga 6:7
q Jer 50:31
r Sag 4:7
s Jer 25:9; Op 11:18

**Tweede kol.**

a Op 8:8; Op 18:9
b Jer 50:13
c Jer 50:40; Op 18:21
d Jes 13:2; Jer 51:12
e Jer 22:7
f Ge 8:4; Jer 50:41
g Ge 10:3; 1Kr 1:6
h Jer 50:42
i Jes 13:17; Jer 25:25; Da 5:31
j Jes 13:13
k Jes 13:19; Jer 50:13; Jer 50:39; Jer 50:40
l Jes 13:7; Jer 50:38
m Jes 19:16; Jer 50:37
n Ps 107:16; Jes 45:2; Am 1:5
o 2Sa 18:19; Est 8:14
p Jes 47:11; Jer 50:24; Jer 50:43
q Jes 44:27; Jer 50:38; Op 16:12
r Jer 50:36
s Jes 21:10; Jes 41:15; Am 1:3; Mi 4:13; Hab 3:12

om haar vas te stamp. Nog 'n
klein rukkie en die oestyd sal
vir haar kom."[a]

**34** "Nebukadre′sar, die ko-
ning van Babilon, het my opge-
eet;[b] hy het my in verwarring
gebring. Hy het my as 'n leë
houer neergesit. Hy het my in-
gesluk soos 'n groot slang;[c] hy
het sy buik met my lieflike
dinge gevul. Hy het my wegge-
spoel. **35** 'Mag die geweld wat
my en my liggaam aangedoen
is, op Babilon wees!' sal die in-
woonster van Sion sê.[d] 'En mag
my bloed op die inwoners van
Galde′a wees!' sal Jerusalem
sê."[e]

**36** Daarom, só het Jehovah
gesê: "Kyk, ek voer jou reg-
saak,[f] en ek sal beslis vir jou
wraak uitoefen.[g] En ek sal sy
see droogmaak, en ek sal
sy putte laat opdroog.[h] **37** En
Babilon sal kliphope word,[i] die
lêplek van jakkalse,[j] 'n voor-
werp van verbasing en iets om
oor te fluit, sonder inwoner.[k]
**38** Hulle sal almal saam soos
jong maanhaarleeus brul. Hul-
le sal beslis soos leeuwelpies
grom."

**39** "Wanneer hulle verhit is,
sal ek hulle feesmale berei en
hulle dronk maak, sodat hul-
le uitgelate word;[l] en hulle sal
'n slaap slaap wat tot onbepaal-
de tyd duur, waaruit hulle nie
wakker sal word nie",[m] is die
woord van Jehovah. **40** "Ek
sal hulle afbring soos skaapram-
me om geslag te word, soos ram-
me saam met die bokramme."[n]

**41** "Hoe is Sesag tog inge-
neem[o] en hoe word die Lof van
die hele aarde verower![p] Hoe
het Babilon 'n blote voorwerp
van verbasing onder die na-
sies geword![q] **42** Die see het
oor Babilon opgekom. Deur die
veelheid van sy golwe is hy be-
dek.[a] **43** Sy stede het 'n voor-
werp van verbasing geword, 'n
waterlose land en 'n woestyn-
vlakte.[b] As 'n land sal hulle
deur geen mens bewoon word
nie, en geen mensekind sal deur
hulle trek nie.[c] **44** En ek sal
my aandag op Bel[d] in Babilon
rig, en ek sal uit sy mond uit-
haal wat hy ingesluk het.[e] En
nasies sal nie meer na hom toe
stroom nie.[f] Ook sal die muur
van Babilon val.[g]

**45** "Gaan uit hom uit, o my
volk,[h] en laat elkeen aan sy
siel ontkoming verskaf[i] van
die brandende toorn van Jeho-
vah.[j] **46** Of anders sal julle
hart vreesagtig wees,[k] en julle
sal bang word weens die berig
wat in die land gehoor sal word.
En in een jaar sal die berig kom,
en daarna sal daar in 'n ander
jaar die berig en geweld op die
aarde en heerser teen heerser
wees. **47** Daarom, kyk! daar
kom dae, en ek sal my aandag
op die gesnede beelde van Babi-
lon rig;[l] en sy hele land sal be-
skaamd staan, en al sy gesneu-
weldes sal in hom val.[m]

**48** "En oor Babilon sal die he-
mel en die aarde en alles wat
in hulle is, beslis met vreug-
de uitroep,[n] want uit die noorde
sal die plunderaars na hom toe
kom",[o] is die woord van Jeho-
vah. **49** "Babilon was nie net
die oorsaak dat die gesneuwel-
des van Israel geval het nie,[p]
maar in Babilon het ook die ge-
sneuweldes van die hele aarde
geval.[q]

**50** "Julle wat aan die swaard
ontkom het, gaan verder. Moe-
nie bly staan nie.[r] Dink uit die
verte aan Jehovah,[s] en laat Je-
rusalem in julle hart opkom."[t]

**HFST. 51**

a Mt 13:30; Op 14:15
b 2Kr 36:18; Jer 50:17
c Jer 51:44; Klg 2:16
d Ps 137:8; Jer 50:29
e Ps 9:12; Op 6:10
f Ps 140:12; Jer 50:34
g De 32:35; Jes 14:5
h Jes 44:27; Jer 50:38
i Jes 13:19; Jer 25:12; Jer 50:15
j Jes 13:22; Jer 50:39; Op 18:2
k Jer 50:13
l Jer 25:27; Da 5:4
m Job 14:12; Jer 51:57
n Jes 34:6; Jer 50:27; Ese 39:18; Sag 10:3
o Jer 25:26
p Jes 13:19; Jes 14:4; Jer 49:25; Da 4:30
q Jer 50:46

**Tweede kol.**

a Ps 18:4; Jes 8:8; Ese 27:26; Da 9:26
b Jes 33:9; Jer 50:39
c Jes 13:20
d Jes 46:1; Jer 50:2
e 2Kr 36:7; Esr 1:7; Jer 51:34; Da 1:2
f Da 4:1
g Jer 51:58
h Jes 48:20; Jer 50:8; 2Ko 6:17; Op 18:4
i Ge 19:17; Jer 51:6; Sag 2:7
j Ps 90:11; Jes 13:13
k Lu 21:26
l Jes 46:1; Jer 50:2; Jer 51:52
m Jes 13:15; Da 5:30
n Spr 11:10; Jes 44:23; Jes 48:20; Jes 49:13; Op 18:20; Op 19:2
o Jer 50:3; Jer 50:41
p Jer 50:17; Jer 51:24
q Ps 137:8

r Jes 48:20; Jer 44:28; Jer 50:8; Op 18:4; s Le 26:40; t Esr 1:3; Ps 137:5.

**51** “Ons is beskaamd gemaak,[a] want ons het smaadwoorde gehoor.[b] Vernedering het ons gesig bedek,[c] want vreemdelinge het teen die heiligdomme van die huis van Jehovah gekom.”[d]

**52** “Daarom, kyk! daar kom dae”, is die woord van Jehovah, “en ek sal my aandag op sy gesnede beelde rig,[e] en in sy hele land sal die deurboorde kreun.”[f]

**53** “Al sou Babilon na die hemel opklim[g] en al sou hy die hoogte van sy sterkte ontoeganklik maak,[h] van my af sal die plunderaars na hom toe kom”,[i] is die woord van Jehovah.

**54** “Luister! Daar is ’n geskreeu uit Babilon[j] en ’n groot ineenstorting uit die land van die Galdeërs,[k] **55** want Jehovah plunder Babilon, en hy sal beslis uit hom die groot stem laat verdwyn,[l] en hulle golwe sal onstuimig wees soos baie waters.[m] Die gedruis van hulle stem sal beslis weerklink. **56** Want die plunderaar sal oor hom, oor Babilon, kom,[n] en sy sterk manne sal beslis gevange geneem word.[o] Hulle boë sal verbrysel word,[p] want Jehovah is ’n God van vergelding.[q] Vir seker sal hy vergeld.[r] **57** En ek sal sy vorste en sy wyses, sy goewerneurs en sy onderheersers en sy sterk manne dronk maak,[s] en hulle sal ’n slaap slaap wat tot onbepaalde tyd duur, waaruit hulle nie wakker sal word nie”,[t] is die woord van die Koning,[u] wie se naam Jehovah van die leërs is.[v]

**58** Só het Jehovah van die leërs gesê: “Hoewel die muur van Babilon breed is, sal dit vir seker gesloop word;[w] en hoewel sy poorte hoog is, sal dit met vuur aan die brand gesteek word.[a] En die volke sal eenvoudig verniet moet swoeg,[b] en die volksgroepe eenvoudig vir die vuur;[c] en hulle sal hulle net vermoei.”

**59** Die woord wat die profeet Jeremia Sera′ja, die seun van Neri′a,[d] die seun van Magse′ja,[e] beveel het toe hy saam met Sedeki′a, die koning van Juda, na Babilon gegaan het, in die vierde jaar van sy koningskap; en Sera′ja was die kwartiermeester. **60** En Jeremia het in een boek al die rampspoed geskryf[f] wat oor Babilon sou kom, ja, al hierdie woorde wat teen Babilon geskryf is. **61** Verder het Jeremia vir Sera′ja gesê: “Sodra jy by Babilon kom en hom sien, dan moet jy al hierdie woorde voorlees.[g] **62** En jy moet sê: ‘O Jehovah, u het teen hierdie plek gespreek, om dit te verwoes sodat geen inwoner daarin sal wees nie,[h] hetsy mens of mak dier, maar dat dit tot onbepaalde tyd net verlate woestenye sal word.’ **63** En wanneer jy hierdie boek klaar gelees het, moet jy ’n klip daaraan vasbind en dit in die Eufraat gooi.[i] **64** En jy moet sê: ‘So sal Babilon sink en nooit weer opkom nie weens die rampspoed wat ek oor hom bring;[j] en hulle sal hulle beslis vermoei.’ ”[k]

Tot sover die woorde van Jeremia.

**52** Sedeki′a[l] was een-en-twintig jaar oud toe hy begin regeer het,[m] en hy het elf jaar in Jerusalem regeer.[n] En die naam van sy moeder was Hamu′tal,[o] die dogter van Jeremia, uit Libna.[p] **2** En hy het bly doen wat sleg was in die oë van Jehovah,[q] volgens alles wat Jo′jakim[r] gedoen het. **3** Want weens die toorn van Jehovah het dit oor Jerusalem en

**HFST. 51**

a Jer 3:25
b Ps 44:13; Ps 79:4
c Ps 44:15
d Ps 79:1; Klg 1:10
e Jes 46:1; Jer 50:2; Jer 51:47
f Jes 13:15
g Ge 11:4; Jes 14:13; Am 9:2
h Jer 49:16; Da 4:30
i Jer 50:10
j Jes 13:6
k Jer 50:22
l Op 18:22
m Ese 26:3; Op 17:15
n Jes 21:2; Op 17:16
o Jer 50:36
p Ps 37:15
q De 32:35; Ps 94:1; Jes 34:8; Jer 50:29; 2Te 1:6; Op 18:5
r Ps 137:8; Op 19:2
s Jer 25:27
t Job 14:12; Jer 51:39
u Jer 46:18; Mal 1:14
v Jer 48:15
w Jer 50:15; Jer 51:44

**Tweede kol.**

a Jer 51:30
b Ps 127:1
c Hab 2:13
d Jer 36:4; Jer 45:1
e Jer 32:12
f Jer 30:2
g Jer 29:1; Op 1:3
h Jes 13:20; Jes 14:23; Jer 50:3; Jer 50:39; Jer 51:29; Jer 51:37; Op 18:23
i Jer 46:10; Op 18:21
j Jer 25:27
k Jer 51:58

**HFST. 52**

l 2Kn 24:17
m 2Kn 24:18
n 2Kr 36:11
o 2Kn 23:31
p Jos 10:29
q 2Kn 24:19; 2Kr 36:12; 2Kr 36:13
r 2Kn 24:1; 2Kr 36:5

Juda gekom, totdat hy hulle van
sy aangesig af weggewerp het.[a]
En Sedeki′a het teen die ko-
ning van Babilon in opstand ge-
kom.[b] **4** Uiteindelik, in die ne-
gende jaar van sy koningskap,[c]
in die tiende maand, op die tien-
de dag van die maand, het Ne-
bukadre′sar, die koning van Ba-
bilon, hy en sy hele krygsmag,
teen Jerusalem gekom,[d] en hul-
le het begin om daarteen kamp
op te slaan en daarteen ’n be-
leëringsmuur rondom te bou.[e]
**5** So het die stad onder beleë-
ring gekom tot die elfde jaar
van koning Sedeki′a.[f]

**6** In die vierde maand, op die
negende dag van die maand,[g]
het die hongersnood ook swaar
geword in die stad en was daar
geen brood vir die volk van
die land nie.[h] **7** Uiteindelik is
daar tot in die stad deurge-
breek;[i] en wat al die krygsman-
ne betref, hulle het begin vlug[j]
en in die nag uit die stad uitge-
gaan deur die poort tussen die
twee mure wat by die koning
se tuin is,[k] terwyl die Galdeërs
rondom teen die stad was; en
hulle het gegaan met die pad
na die A′raba.[l] **8** En ’n krygs-
mag van die Galdeërs het die
koning agternagesit,[m] en hul-
le het Sedeki′a[n] in die woes-
tynvlaktes van Je′rigo inge-
haal; en sy hele krygsmag is
van hom af verstrooi.[o] **9** Toe
het hulle die koning gevange
geneem en hom gebring na die
koning van Babilon,[p] in Ribla,[q]
in die land Hamat,[r] sodat hy
regterlike beslissings oor hom
kon uitspreek.[s] **10** En die ko-
ning van Babilon het die seuns
van Sedeki′a voor sy oë dood-
gemaak,[t] en ook al die vorste
van Juda het hy in Ribla dood-
gemaak.[u] **11** En hy het die oë
van Sedeki′a verblind,[v] waar-
na die koning van Babilon hom
met koperboeie gebind en na
Babilon gebring[a] en in die huis
van bewaking gesit het tot die
dag van sy dood.

**12** En in die vyfde maand, op
die tiende dag van die maand,
dit wil sê in die negentiende
jaar van koning Nebukadre′-
sar,[b] die koning van Babilon,
het Nebusara′dan,[c] die hoof van
die lyfwag, wat voor die ko-
ning van Babilon gestaan het,
in Jerusalem gekom. **13** En
hy het die huis van Jehovah[d]
en die huis van die koning en
al die huise van Jerusalem ver-
brand;[e] en elke groot huis het
hy met vuur verbrand.[f] **14** En
die hele krygsmag van die Gal-
deërs wat by die hoof van die
lyfwag was, het al die mure van
Jerusalem rondom afgebreek.[g]

**15** En Nebusara′dan, die hoof
van die lyfwag, het party van
die geringes van die volk en die
res van die volk wat in die stad
oorgebly het[h] en die oorlopers
wat na die koning van Babilon
oorgeloop het en die res van die
meesterwerkers, in ballingskap
weggevoer.[i] **16** En Nebusara′-
dan, die hoof van die lyfwag,
het party van die geringes van
die land as wingerdarbeiders en
as dwangarbeiders laat agter-
bly.[j]

**17** En die Galdeërs het die
koperpilare[k] wat tot die huis
van Jehovah behoort het en
die waentjies[l] en die koper-
see[m] wat in die huis van Jeho-
vah was, in stukke gebreek en
al die koper daarvan na Ba-
bilon weggevoer.[n] **18** En hulle
het die kanne en die skoppe[o] en
die blussers[p] en die bakke[q] en
die bekers en al die kopervoor-
werpe waarmee hulle gedien

**HFST. 52**

a Le 26:33; De 31:17
b 2Kn 24:20; 2Kr 36:13; Ese 17:15
c Jer 39:1
d 2Kn 25:1
e De 28:52; Jes 29:3; Ese 4:2; Ese 21:22; Lu 19:43
f 2Kr 36:11
g 2Kn 25:3; Jer 39:2
h Le 26:26; De 28:53; Jes 3:1; Ese 4:16
i 2Kn 25:4; Jer 34:2
j De 28:25
k Jer 39:4
l De 3:17; Jos 3:16
m Jer 32:4
n 2Kn 25:5; Jer 24:8; Jer 34:21; Jer 37:17; Jer 38:18; Jer 39:5; Ese 12:13
o Am 2:14
p Jer 32:4
q 2Kn 25:21
r Nu 13:21; 1Kn 8:65
s 2Kn 25:6; Jer 39:5
t 2Kn 25:7
u Jer 39:6
v Ese 12:13

**Tweede kol.**

a 2Kn 25:7; Jer 39:7
b 2Kn 25:8
c 2Kn 25:11; Jer 39:9
d 1Kn 9:8; 2Kn 25:9; 2Kr 7:21; 2Kr 36:19; Ps 74:8; Ps 79:1; Jer 26:18; Klg 2:7; Ese 24:21
e Jer 38:23; Am 2:5
f Le 26:31; Jer 34:22; Jer 37:8
g 2Kn 25:10; Jer 39:8
h 2Kn 25:11
i Jer 39:9
j 2Kn 25:12; 2Kn 25:22; Jer 39:10
k 1Kn 7:15; 2Kn 25:16; 2Kr 4:12; Jer 27:19
l 1Kn 7:27; 2Kr 4:14
m 1Kn 7:23; 2Kr 4:15
n 2Kn 25:13
o 1Kn 7:45

p 2Kr 4:22; q 1Kn 7:50; 2Kn 25:15.

het, geneem.[a] **19** En die hoof
van die lyfwag het die komme[b]
en die vuurbakke en die bak-
ke[c] en die kanne en die lamp-
staanders[d] en die bekers en die
bakke wat van egte goud was,[e]
en dié wat van egte silwer was,[f]
geneem.[g] **20** En die twee pila-
re,[h] die een see[i] en die twaalf
koperbulle[j] wat onder die see
was, die waentjies, wat koning
Salomo vir die huis van Jeho-
vah gemaak het.[k] Die gewig van
die koper—van al hierdie voor-
werpe—is nie bereken nie.[l]

**21** En wat die pilare betref,
agtien el was die hoogte van
elke pilaar,[m] en ’n draad van
twaalf el kon dit omspan;[n] en
die dikte daarvan was vier
vingerbreedtes; dit was hol.
**22** En die kapiteel daarop was
van koper,[o] en die hoogte van
die een kapiteel was vyf el;[p] en
wat die netwerk en die grana-
te rondom op die kapiteel be-
tref,[q] dit alles was van koper;
en die tweede pilaar het die-
selfde gehad, ook die granate.[r]
**23** En daar was ses-en-negentig
granate aan die kante, terwyl
daar altesaam honderd granate
rondom op die netwerk was.[s]

**24** Daarbenewens het die
hoof van die lyfwag die hoof-
priester Sera′ja[t] en die twee-
de priester Sefan′ja[u] en die drie
deurwagters[v] geneem, **25** en
uit die stad het hy een hof-
beampte geneem wat oor die
krygsmanne aangestel was, en
sewe manne van dié wat toe-
gang tot die koning gehad het,[w]
wat in die stad gevind is, en die
sekretaris van die leërhoof, wat
die volk van die land opgeroep
het, en sestig manne van die
volk van die land, wat binne-
in die stad gevind is.[x] **26** En
Nebusara′dan,[y] die hoof van die
lyfwag, het hulle geneem en
hulle na die koning van Babi-
lon in Ribla[a] gebring. **27** En
die koning van Babilon het hul-
le neergeslaan[b] en hulle dood-
gemaak in Ribla,[c] in die land
Hamat.[d] So het Juda uit sy land
in ballingskap gegaan.[e]

**28** Dít is die mense wat Ne-
bukadre′sar in ballingskap weg-
gevoer het: in die sewende jaar,
drieduisend-drie-en-twintig Jo-
de.[f]

**29** In die agtiende jaar van
Nebukadre′sar[g] was daar uit
Jerusalem agthonderd-twee-en-
dertig siele.

**30** In die drie-en-twintigste
jaar van Nebukadre′sar het
Nebusara′dan, die hoof van
die lyfwag, Jode in ballingskap
weggevoer: sewehonderd-vyf-
en-veertig siele.[h]

Al die siele was vierduisend-
seshonderd.

**31** Uiteindelik, in die sewe-
en-dertigste jaar van die bal-
lingskap van Jo′jagin,[i] die ko-
ning van Juda, in die twaalfde
maand, op die vyf-en-twintig-
ste dag van die maand, het
E′wil-Mero′dag, die koning van
Babilon, in die jaar toe hy ko-
ning geword het, die hoof[j] van
Jo′jagin, die koning van Juda,
verhef en hom uit die gevange-
nis uitgebring. **32** En hy het
goeie woorde met hom begin
spreek en sy troon verhef bo
die trone van die ander konings
wat saam met hom in Babilon
was.[k] **33** En hy het sy gevan-
genisklere uitgetrek,[l] en hy het
voortdurend brood[m] voor hom
geëet, al die dae van sy le-
we.[n] **34** En wat sy toegewese
deel betref, ’n toegewese deel
van die koning van Babilon af
is voortdurend aan hom gegee,
daagliks as sy deel, tot die dag
van sy dood,[o] al die dae van sy
lewe.

HFST. 52
a 2Kn 25:14
b 1Kn 7:38
c 2Kr 4:22
d 1Kn 7:49
e 2Kr 24:14
f 2Kn 25:15
g 2Kn 25:11
2Kr 36:18
h 1Kn 7:21
i 1Kn 7:23
2Kr 4:15
j 1Kn 7:25
k 1Kn 7:14
l 2Kn 25:16
m 2Kn 25:17
n 1Kn 7:15
o 1Kn 7:16
p 2Kr 3:15
q 2Kr 4:13
r 1Kn 7:18
2Kr 3:16
s 1Kn 7:20
t 1Kr 6:14
Esr 7:1
u Jer 21:1
Jer 29:25
Jer 29:29
v 2Kn 25:18
w Est 1:14
x 2Kn 25:19
y 2Kn 25:8
Jer 39:9
Jer 40:1

Tweede kol.
a 2Kn 25:20
b 2Kn 25:21
c 2Kn 25:6
Jer 52:10
d 2Sa 8:9
e Le 18:25
Le 26:33
De 28:36
Jes 24:3
Jer 25:9
f 2Kn 24:14
g Jer 32:1
h Jer 6:9
i 2Kn 24:8
2Kn 25:27
Jer 24:1
Jer 37:1
Mt 1:11
j Ge 40:20
k 2Kn 25:28
l Ge 41:14
m 2Sa 9:13
1Kn 2:7
n 2Kn 25:29
o 2Kn 25:30

# KLAAGLIEDERE

א [*'A'lef*]

1 Hoe eensaam sit sy tog,[a] die stad wat vol mense was![b]
Hoe het sy tog soos 'n weduwee geword,[c] sy wat volkryk onder die nasies was![d]
Hoe moet sy wat 'n vorstin onder die regsgebiede was, tog nou dwangarbeid doen![e]

ב [*Bet*]

2 Bitterlik huil sy snags,[f] en haar trane is op haar wange.[g]
Sy het niemand wat haar troos onder al haar minnaars nie.[h]
Al haar metgeselle het verraderlik met haar gehandel.[i] Hulle het haar vyande geword.[j]

ג [*Gi'mel*]

3 Juda het in ballingskap gegaan weens die ellende[k] en weens die swaar knegskap.[l]
Sy moes onder die nasies woon.[m] Sy het geen rusplek gevind nie.
Al haar vervolgers het haar in angswekkende omstandighede ingehaal.[n]

ד [*Da'let*]

4 Die weë van Sion treur, omdat niemand na die fees kom nie.[o]
Al haar poorte is verwoes;[p] haar priesters sug.[q]
Haar maagde is bedroef, en sy self het dit bitter.[r]

ה [*He'*]

5 Haar teenstanders het die hoof geword.[a] Haar vyande is onbesorg.[b]
Omdat Jehovah droefheid oor haar gebring het weens die oorvloed van haar oortredings,[c]
Het haar kinders as gevangenes voor die teenstander uit geloop.[d]

ו [*Wau*]

6 En van die dogter van Sion verdwyn al haar prag.[e]
Haar vorste was soos takbokke wat geen weiding gevind het nie;[f]
En hulle bly kragteloos voor die agtervolger uit loop.[g]

ז [Sa'*jin*]

7 Jerusalem het in die dae van haar ellende en van haar daklose volk teruggedink
Aan al haar begeerlike dinge wat daar van die dae van weleer af was.[h]
Toe haar volk in die hand van die teenstander geval het en sy geen helper gehad het nie,[i]
Het die teenstanders haar gesien. Hulle het gelag oor haar ineenstorting.[j]

ח [*Get*]

8 Jerusalem het openlik sonde gepleeg.[k] Daarom het sy iets afskuweliks geword.[l]
Almal wat haar geëer het, het haar as iets goedkoops behandel,[m] want hulle het haar naaktheid gesien.[n]

**HFST. 1**

**a** Jes 3:26, Klg 2:10
**b** Ps 122:4
**c** Jes 54:4
**d** 1Kn 4:20
**e** De 28:48, 2Kn 25:12
**f** Jer 9:1, Klg 1:16
**g** Jer 13:17
**h** Jer 4:30, Ese 16:37
**i** Jer 30:14
**j** Jes 30:3
**k** Le 26:33, 2Kn 24:14, 2Kn 25:21, Jer 39:9, Jer 52:27
**l** De 30:7, Jer 17:4
**m** De 28:64, Jer 24:9, Klg 2:9
**n** Klg 4:19
le sal beslis vertroos word oor
die rampspoed wat ek oor Jeru-
salem gebring het, ja, alles wat
ek daaroor gebring het.'"
23 "'En hulle sal julle beslis
vertroos wanneer julle hulle
weg en hulle handelinge sien; en
julle sal moet weet dat ek nie
sonder oorsaak alles gedoen het
wat ek daarteen gaan doen nie',
is die woord van die Soewereine
Heer Jehovah."[r]

**15** En die woord van Jeho-
vah het verder tot my ge-
kom en gesê: 2 "Mensekind,
in watter opsig verskil die win-
gerdstok[a] van elke ander boom,
die loot, wat onder die bome van
die woud is? 3 Word daarvan
'n paal geneem om werk mee te
doen? Of neem mense daarvan
'n pen om enige soort voorwerp
aan op te hang? 4 Kyk! In die
vuur moet dit gesit word as
brandstof.[b] Die vuur verteer be-
slis albei sy ente, en sy middel
word verskroei.[c] Is dit geskik
vir enige werk? 5 Kyk! Wan-
neer dit heel is, word dit nie vir
enige werk gebruik nie. Hoeveel
minder kan dit, wanneer vuur
dit verteer het en dit verskroei
word, vir enige verdere werk
gebruik word!"[d]
6 "Daarom, só het die Soewe-
reine Heer Jehovah gesê: 'Soos
die wingerdstok onder die bome
van die woud, wat ek as brand-
stof aan die vuur gegee het, so
het ek die inwoners van Jeru-
salem oorgegee.[e] 7 En ek het
my aangesig teen hulle gerig.[f]
Uit die vuur het hulle uitge-
gaan, maar die vuur sal hulle
verteer.[g] En julle sal moet weet
dat ek Jehovah is, wanneer ek
my aangesig teen hulle rig.'"[h]
8 "'En ek sal die land 'n ver-
late woesteny maak,[i] omdat hul-
le ontrou gehandel het',[j] is die
woord van die Soewereine Heer
Jehovah."

**16** En die woord van Jeho-
vah het verder tot my ge-
kom en gesê: 2 "Mensekind,
maak aan Jerusalem sy ver-
foeilike dinge[k] bekend.[l] 3 En
jy moet sê: 'Só het die Soewe-
reine Heer Jehovah vir Jerusa-
lem gesê: "Jou herkoms en jou
geboorte was uit die land van

**HFST. 14**
a Ge 19:29; Heb 11:7
b Le 26:25; Jer 25:9; Ese 5:12; Ese 21:3; Ese 38:21
c Jer 33:12; Ese 25:13; Ho 4:3; Sef 1:3
d Ese 14:14
e 1Pe 1:17; 2Pe 2:9; Op 20:13
f De 28:21; 2Sa 24:15; Jer 14:12; Am 4:10
g Ese 7:8; Ese 36:18
h Ge 7:1
i Ese 28:3
j Job 1:8; Job 42:8
k Ese 14:14
l Ese 18:20; Ho 10:12; Sef 2:3
m Jer 15:2
n Ese 5:17; Ese 33:27
o Jer 32:43
p De 4:31; 2Kr 36:20; Jes 6:13; Jes 10:20; Ese 6:8; Mi 5:7
q Jer 3:25; Ese 6:9; Ese 20:43
r Ge 18:20; Ne 9:33; Jer 22:9; Ese 8:6; Ese 9:9; Da 9:7; Ro 2:5

**Tweede kol.**

**HFST. 15**
a De 32:32; Ps 80:8; Jes 5:1; Mr 12:1
b Ps 80:16; Joh 15:6
c Jes 1:31; Am 4:11
d Mal 4:1
e Jes 5:24; Jer 4:7; Jer 7:20; Ese 20:47
f Le 17:10; Ps 34:16; Ese 14:8
g Am 5:19
h Eks 14:4; Ps 9:16; Ese 6:7; Ese 7:4
i Jes 6:11; Jer 25:11; Ese 6:14
j 2Kr 36:14

**HFST. 16** k Ese 8:10; l Jes 58:1; Ese 20:4; Ese 22:2; Ese 23:36.

die Kanaäniete.[a] Jou vader was
’n Amoriet,[b] en jou moeder was
’n Hetiet.[c] **4** En wat jou ge-
boorte betref, die dag toe jy ge-
bore is,[d] is jou naelstring nie
afgesny nie, en jy is nie in wa-
ter gewas om jou te reinig nie,
en jy is glad nie met sout in-
gevryf nie, en jy is geensins in
doeke toegedraai nie. **5** Geen
oog het vir jou jammer gevoel
om uit medelye met jou een van
hierdie dinge vir jou te doen
nie,[e] maar jy is op die oppervlak
van die veld gegooi omdat jou
siel verafsku is die dag toe jy ge-
bore is.

**6** “‘“En ek het by jou verby-
gekom en jou in jou bloed sien
lê en skop, en ek het vir jou
in jou bloed gesê: ‘Bly lewe!’[f] ja,
ek het vir jou in jou bloed gesê:
‘Bly lewe!’ **7** ’n Baie groot me-
nigte soos die uitspruitsels van
die veld het ek jou gemaak so-
dat jy gegroei[g] en groot geword
en met die beste sieraad inge-
kom het.[h] Die twee borste het
ferm geword, en jou hare het
welig gegroei, terwyl jy naak en
ontbloot was.”’

**8** “‘En ek het by jou verbyge-
kom en jou gesien, en kyk! jou
tyd was die tyd vir liefkosings.[i]
Toe het ek die slip van my kleed
oor jou uitgesprei[j] en jou naakt-
heid bedek en ’n beëdigde ver-
klaring aan jou afgelê en ’n ver-
bond met jou aangegaan’,[k] is die
woord van die Soewereine Heer
Jehovah, ‘en so het jy myne ge-
word.[l] **9** Verder het ek jou
met water gewas[m] en jou bloed
van jou afgespoel en jou met
olie gesalf.[n] **10** En ek het vir
jou ’n geborduurde kleed[o] aan-
getrek en vir jou skoene van
robbevel[p] gemaak en jou in fyn
linne[q] gehul en jou met kosba-
re materiaal bedek. **11** En ek
het jou met sierade versier en
armbande[r] aan jou hande en
’n ketting[a] om jou nek gesit.
**12** Verder het ek ’n neusring[b]
aan jou neus en oorringe aan
jou ore[c] en ’n pragtige kroon
op jou kop[d] gesit. **13** En jy het
jou met goud en silwer bly ver-
sier, en jou klere was fyn linne
en kosbare materiaal en ’n ge-
borduurde kleed.[e] Fynmeel en
heuning en olie[f] het jy geëet, en
jy het baie, baie mooi geword,
en jy het geleidelik geskik ge-
word vir ’n koninklike posi-
sie.’”[g]

**14** “‘En vir jou het daar ’n
naam onder die nasies begin
uitgaan weens jou skoonheid,
want dit was volmaak weens
my prag wat ek op jou geplaas
het’,[h] is die woord van die Soe-
wereine Heer Jehovah.”

**15** “‘Maar jy het begin om
op jou skoonheid te vertrou[i] en
weens jou naam ’n prostituut
te word[j] en jou dade van pros-
titusie op elke verbyganger uit
te stort;[k] syne het dit geword.
**16** En jy het van jou klere
geneem en vir jou veelkleu-
rige hoogtes gemaak[l] en daar-
op prostitusie gepleeg[m]—sulke
dinge kom nie voor nie, en dit
moenie gebeur nie. **17** En jy
het jou pragtige voorwerpe uit
my goud en uit my silwer ge-
neem wat ek jou gegee het[n] en
vir jou mansbeelde[o] gemaak en
daarmee prostitusie gepleeg.[p]
**18** En jy het jou geborduurde
klere geneem en hulle bedek;
en my olie en my reukwerk[q] het
jy voor hulle neergesit. **19** En
my brood wat ek jou gegee het
—fynmeel en olie en heuning
wat ek jou laat eet het[r]—dit het
jy ook as ’n rustige geur voor
hulle neergesit,[s] en dit het aan-
hou gebeur’, is die woord van
die Soewereine Heer Jehovah.”

s 2Kn 22:17; Jer 7:9.

**HFST. 16**

a Jos 10:5; 1Kr 1:13; 1Kr 1:14
b 1Kn 21:26; 2Kn 21:11; Ese 16:45
c Ge 10:15
d Ho 2:3
e Jes 49:15
f Ps 147:20; Ro 9:15
g Ge 22:17; Eks 1:7; Eks 12:37; De 1:10; Han 7:17
h De 4:8; Ne 9:22
i De 7:8
j Rut 3:9; 1Sa 12:22; Jes 41:9
k Eks 19:5; De 4:31; Jer 2:2
l De 26:18; De 32:9
m Ps 26:6; Jes 1:16
n Ps 23:5
o Eks 28:6; Jes 62:3
p Eks 25:5; Eks 26:14
q Eks 39:27
r Ge 24:22; Jes 3:19

**Tweede kol.**

a Hgl 4:9
b Ge 24:47; Jes 3:21
c Eks 35:22
d Eks 28:36
e Ps 48:2
f De 7:13; Jer 41:8
g De 32:13; 2Sa 5:3; 1Kn 4:21
h De 4:6; 2Sa 7:23; 1Kn 10:1; Ps 50:2; Klg 2:15
i De 32:15; Jer 7:4; Mi 3:11; Sef 3:11
j 1Kn 11:5; Ps 106:35; Jes 1:21; Jes 57:8; Jer 2:20; Ho 1:2; Jak 4:4
k Jer 3:13
l 1Kn 14:23; 2Kr 21:11
m 2Kn 23:7; Ese 7:20
n Eks 32:2; Jer 10:4
o Jes 57:8; Ese 16:26; Ese 23:20
p Jer 3:9
q Ese 8:11; Ese 23:41
r De 32:13; Ho 2:8

**20** “‘En jy het jou seuns en
jou dogters geneem wat jy vir
my gebaar het,[a] en jy het dié
aan hulle geoffer om verteer te
word[b]—is dit nie genoeg van
jou dade van prostitusie nie?
**21** En jy het my kinders ge-
slag,[c] en dié het jy aan hulle
gegee deur hulle deur die vuur
te laat gaan.[d] **22** En in al jou
verfoeilike dinge en jou dade
van prostitusie het jy nie ge-
dink aan die dae van jou jeug
toe jy naak en ontbloot was
nie; in jou bloed het jy gelê en
skop.[e] **23** En ná al jou slegt-
heid (“wee, wee jou”,[f] is die
woord van die Soewereine Heer
Jehovah) **24** het jy vir jou ’n
heuweltjie gebou en vir jou ’n
hoogte gemaak op elke openba-
re plein.[g] **25** Aan die bopunt
van elke pad het jy jou hoog-
te[h] gebou, en jy het begin om
jou skoonheid iets verfoeiliks[i]
te maak en jou voete vir elke
verbyganger uit te sprei[j] en jou
dade van prostitusie te verme-
nigvuldig.[k] **26** En jy het pros-
titusie gepleeg met die kinders
van Egipte,[l] jou bure wat groot
van vlees is,[m] en jy het aange-
hou om jou prostitusie oorvloe-
dig te maak om my aanstoot
te gee. **27** En kyk! ek sal be-
slis my hand teen jou uitsteek[n]
en jou toegewese deel vermin-
der[o] en jou oorgee aan die siels-
begeerte[p] van die vroue wat jou
haat,[q] die dogters van die Fili-
styne,[r] die vroue wat weens jou
weg van losbandige gedrag ver-
neder is.[s]

**28** “‘En jy het prostitusie ge-
pleeg met die kinders van As-
siʹrië omdat jy nie bevredig kon
word nie,[t] en jy het prostitusie
met hulle bly pleeg en is ook
nie bevredig nie. **29** Toe het
jy jou prostitusie oorvloedig
bly maak teenoor die land Ka-
naän,[u] teenoor die Galdeërs;[v]
en selfs hierdeur is jy nie be-
vredig nie. **30** Hoe is ek tog
met woede teen jou vervul’,[a] is
die woord van die Soewereine
Heer Jehovah, ‘omdat jy al hier-
die dinge doen, die werk van
’n vrou,[b] ’n baasspelerige pros-
tituut![c] **31** Toe jy jou heuwel-
tjie aan die bopunt van elke
pad gebou het en jy jou hoog-
te op elke openbare plein ge-
maak het, het jy tog anders
as ’n prostituut geword, deur-
dat jy hoereloon versmaai het.
**32** Wat die vrou betref wat eg-
breuk pleeg, sy neem vreemde-
linge in die plek van haar man.[d]
**33** Aan alle prostitute gee hulle
gewoonlik ’n geskenk,[e] maar jy
—jy het jou geskenke gegee aan
almal wat jou hartstogtelik lief-
het,[f] en jy bied hulle ’n omkoop-
geskenk aan om van oral af na
jou toe te kom in jou dade[g] van
prostitusie. **34** En in jou geval
vind die teenoorgestelde in jou
dade van prostitusie plaas as
met ander vroue, en geen pros-
titusie soos joune is gepleeg nie,
ja, deurdat jy hoereloon gegee
het terwyl aan jou geen hoere-
loon gegee is nie, en so vind die
teenoorgestelde plaas.’

**35** “Daarom, o prostituut,[h]
hoor die woord van Jehovah.[i]
**36** Só het die Soewereine Heer
Jehovah gesê: ‘Omdat jou wel-
lus uitgestort is[j] en jou geslags-
dele[k] ontbloot word in jou dade
van prostitusie teenoor dié wat
jou hartstogtelik liefhet[l] en
teenoor al jou verfoeilike drek-
gode,[m] selfs met die bloed van
jou kinders wat jy aan hulle ge-
gee het,[n] **37** daarom, kyk, ek
bring almal bymekaar wat jou
hartstogtelik liefhet, vir wie jy
aangenaam was, en almal wat
jy liefgehad het tesame met al-
mal wat jy gehaat het, en ek sal
hulle van oral af teen jou by-
mekaarbring en jou geslagsdele

**HFST. 16**

a Eks 13:2; Ps 106:38
b 2Kn 16:3; 2Kr 33:6; Jes 57:5; Jer 7:31; Jer 32:35; Ese 20:26
c Ps 106:37; Jer 2:34
d Le 18:21; Le 20:2; 2Kn 17:17; 2Kn 23:10
e Jer 2:2; Ho 2:3; Ho 11:1
f Jer 13:27; Sef 3:1
g Le 26:30; Ps 78:58; Jes 57:5; Jer 2:20; Jer 3:2
h Spr 9:14
i Jer 6:15
j Jer 2:24; Ese 23:9
k Ese 23:30
l 2Kn 23:34; Jes 30:2; Jes 30:3; Jer 2:36; Klg 5:6; Ese 20:7
m Jes 57:8; Ese 23:20
n Jes 5:25
o De 28:48
p Jes 56:11
q Ps 106:41
r 2Kr 28:18
s Jer 2:11; Ese 5:6
t 2Kn 16:7; 2Kr 28:23; Jer 2:18; Ese 23:5
u Rig 2:12; 2Kn 21:9
v Ese 23:14

**Tweede kol.**

a De 29:28
b Jer 3:3
c Spr 7:11
d Jer 2:25; Jer 3:1; Jer 3:20; Ho 3:1
e Ge 38:16; De 23:18; Ho 2:12; Lu 15:30
f Jes 57:9; Ho 8:9
g 2Kr 16:2
h Jes 1:21; Jer 3:6; Ho 2:5
i Ese 13:2
j Klg 1:9
k Ese 16:37
l Ese 23:9; Ho 2:5
m 1Kn 15:12; 2Kn 17:12; 2Kn 21:11
n Ps 106:38; Jer 2:34

vir hulle ontbloot, en hulle sal al
jou geslagsdele sien.[a]
**38** "'En ek sal jou oordeel
met die oordele van egbreek-
sters[b] en vroue wat bloed ver-
giet,[c] en ek sal jou die bloed van
woede en jaloesie gee.[d] **39** En
ek sal jou in hulle hand gee,
en hulle sal beslis jou heuwel-
tjie afbreek,[e] en jou hoogtes sal
beslis omgegooi word,[f] en hul-
le sal jou klere uittrek[g] en jou
pragtige voorwerpe[h] neem en
jou naak en ontbloot agterlaat.
**40** En hulle sal 'n vergadering
teen jou laat optrek[i] en jou
met klippe gooi[j] en jou met hul-
le swaarde doodmaak.[k] **41** En
hulle sal jou huise met vuur
verbrand[l] en in jou strafgerigte
voor die oë van baie vroue vol-
trek;[m] en ek sal 'n einde aan jou
prostitusie maak,[n] en jy sal ook
geen hoereloon meer gee nie.
**42** En ek sal my woede tot be-
daring bring in jou,[o] en my ja-
loesie sal van jou wyk;[p] en ek
sal stil wees en nie meer aan-
stoot neem nie.'
**43** "'Omdat jy nie aan die dae
van jou jeug gedink het nie[q] en
jy my weens al hierdie dinge
ontstig het[r]—ja, kyk, ek sal ook
jou weg op jou hoof laat neer-
kom',[s] is die woord van die Soe-
wereine Heer Jehovah, 'en jy sal
beslis geen losbandige gedrag
naas al jou verfoeilike dinge be-
oefen nie.
**44** "'Kyk! Elkeen wat 'n
spreekwoord[t] teen jou gebruik,
sal die spreekwoord gebruik
wat lui: "Soos die moeder is, so
is haar dogter!"[u] **45** Jy is die
dogter van jou moeder,[v] wat
haar man en haar kinders veraf-
sku het.[w] En jy is die suster van
jou susters, wat hulle mans en
hulle kinders verafsku het. Jul-
le moeder, o vroue, was 'n He-
tiet,[x] en julle vader was 'n Amo-
riet.'"[y]
**46** "'En jou ouer suster is
Samari'a[a] met haar afhanklike
dorpe,[b] wat links van jou woon,
en jou suster wat jonger is as
jy, wat regs van jou woon, is So-
dom[c] met haar afhanklike dor-
pe.[d] **47** En jy het nie in hul-
le weë gewandel nie, en ook
het jy nie volgens hulle verfoei-
like dinge gehandel nie.[e] Binne
'n baie kort rukkie het jy in al
jou weë selfs verderfliker as hul-
le begin handel.[f] **48** So waar
as ek lewe', is die woord van
die Soewereine Heer Jehovah,
'jou suster Sodom, sy met haar
afhanklike dorpe, het nie ge-
handel soos jy gehandel het
nie, jy en jou afhanklike dorpe.[g]
**49** Kyk! Dít was die oortreding
van jou suster Sodom: Trots,[h]
genoeg brood[i] en sorgelose[j] rus
het aan haar en haar afhanklike
dorpe behoort,[k] en die hand van
die geteisterde[l] en die arme het
sy nie versterk nie.[m] **50** En
hulle het hoogmoedig[n] gebly
en voortdurend iets verfoeiliks
voor my beoefen,[o] en ek het hul-
le uiteindelik verwyder, soos ek
dit goed geag het.[p]
**51** "'En wat Samari'a[q] be-
tref, sy het nie eens die helfte
van jou sondes gedoen nie, maar
jy het voortdurend jou verfoei-
like dinge oorvloediger gemaak
as hulle, sodat jy jou susters
regverdig laat lyk het weens al
jou verfoeilike dinge wat jy be-
oefen het.[r] **52** Jy dan, dra jou
vernedering wanneer jy ten
gunste van jou susters moet
pleit. Weens jou sondes waarin
jy verfoeiliker as hulle gehandel
het, is hulle regverdiger as jy.[s]
En jy dan, staan beskaamd en
dra jou vernedering deurdat jy
jou susters regverdig laat lyk.'

**HFST. 16**

a Jer 13:22; Klg 1:8; Ho 2:10; Na 3:5
b Ge 38:24; Le 20:10; De 22:22
c Ge 9:6; Eks 21:12; Ps 79:3
d Ese 23:25; Na 1:2; Sef 1:17
e Ese 16:24
f Jes 27:9
g Jes 3:18; Jer 4:30; Ese 23:26; Ho 2:3
h Jes 3:20
i Ese 23:46; Hab 1:6
j De 22:21
k 2Kr 36:17; Jer 25:9
l Le 26:33; 2Kn 25:9; Jer 39:8
m Ese 5:8
n Ese 23:27
o Ese 5:13
p Jes 40:2
q Ps 78:42; Jer 2:32
r Ps 95:10
s Ese 9:10; Ese 11:21; Ese 22:31
t 1Sa 24:13; Ese 18:2
u 1Kn 21:26; 2Kn 21:9; Esr 9:1; Ps 106:35
v Ese 16:3
w Jes 1:4; Jes 54:5; Ho 2:2
x Ese 16:3
y De 9:5; De 20:17; Jos 10:5; 2Kn 21:11

**Tweede kol.**

a Ese 23:33
b Jer 3:8
c Ge 18:20; Ge 19:24; De 29:23; De 32:32; Jes 1:10; Jes 3:9; Jer 23:14; Jud 7
d Ge 19:25
e 1Kn 16:31
f 2Kn 21:9; Ese 5:6
g Mt 10:15; Mt 11:24
h Ge 19:9; Spr 16:5; Spr 16:18; Spr 21:4; Jak 4:16
i Ge 13:10; De 8:10; De 32:15; Spr 30:9; Lu 12:21
j Spr 1:32
k Jud 7; l Spr 21:13; m Ese 18:12; n Spr 16:18; Jes 3:16; Jer 13:15; 1Pe 5:5; o Ge 13:13; Ge 18:20; Ge 19:5; p Ge 19:24; Jes 13:19; Jer 49:18; Klg 4:6; 2Pe 2:6; q 2Kn 21:13; Jer 23:13; Ese 23:33; r Jer 3:11; Mt 12:41; s 1Kn 2:32.

**53** “‘En ek sal hulle gevange-
nes versamel,[a] die gevangenes
van Sodom en van haar afhank-
like dorpe, en die gevangenes
van Samari′a en van haar af-
hanklike dorpe; ek sal ook jou
gevangenes in hulle midde ver-
samel,[b] **54** sodat jy jou verne-
dering kan dra;[c] en jy sal verne-
der voel oor alles wat jy gedoen
het, deurdat jy hulle getroos
het.[d] **55** En jou susters, So-
dom en haar afhanklike dorpe,
sal na hulle vroeëre toestand
terugkeer, en Samari′a en haar
afhanklike dorpe sal na hulle
vroeëre toestand terugkeer, en
jy en jou afhanklike dorpe sal
na julle vroeëre toestand te-
rugkeer.[e] **56** En jou suster So-
dom was in die dag van jou trots
dit nie werd om uit jou mond
van te hoor nie,[f] **57** voordat
jou slegtheid blootgelê is,[g] soos
in die tyd van die smaad van die
dogters van Sirië[h] en van almal
wat daar rondom was, die dog-
ters van die Filistyne,[i] dié wat
jou van alle kante met minag-
ting behandel het.[j] **58** Jou los-
bandige gedrag[k] en jou verfoei-
like dinge moet jy dra’,[l] is die
woord van Jehovah.”

**59** “Want só het die Soewe-
reine Heer Jehovah gesê: ‘Ek
sal ook aan jou doen net soos jy
gedoen het,[m] omdat jy die eed
verag het deur my verbond te
verbreek.[n] **60** En ek, ek sal
dink aan my verbond met jou
in die dae van jou jeug,[o] en ek
sal vir jou ’n verbond tot stand
bring wat tot onbepaalde tyd
duur.[p] **61** En jy sal beslis aan
jou weë dink[q] en verneder voel
wanneer jy jou susters ontvang,
dié wat ouer is as jy sowel as
dié wat jonger is as jy, en ek sal
hulle beslis as dogters aan jou
gee,[r] maar nie weens jou ver-
bond nie.’[s]

**62** “‘En ek, ek sal my ver-
bond met jou tot stand bring;[a]
en jy sal moet weet dat ek Jeho-
vah is, **63** sodat jy daaraan sal
dink en beskaamd sal staan[b] en
jy weens jou vernedering geen
rede meer sal hê om jou mond
oop te maak nie,[c] wanneer ek
vir jou versoening doen[d] vir al-
les wat jy gedoen het’, is die
woord van die Soewereine Heer
Jehovah.”

**17** En die woord van Jeho-
vah het verder tot my ge-
kom en gesê: **2** “Mensekind,
gee ’n raaisel[e] en stel ’n spreek-
woord saam vir die huis van Is-
rael.[f] **3** En jy moet sê: ‘Só het
die Soewereine Heer Jehovah
gesê: “Die groot arend[g] met
groot vlerke,[h] met lang vlerk-
vere, vol vere wat veelkleurig
was, het na die Li′banon[i] ge-
kom en die top[j] van die seder
geneem.[k] **4** Hy het die boon-
ste van sy jong lote afgepluk en
dit na die land Kanaän gebring;[l]
in ’n stad van handelaars het hy
dit neergesit. **5** Verder het hy
van die saad van die land ge-
neem[m] en dit in ’n saailand ge-
sit. As ’n wilger by baie waters,[n]
as ’n wilgerboom het hy dit in-
gesit. **6** En dit het begin uit-
spruit en het geleidelik ’n welig
groeiende wingerdstok geword
wat laag gegroei het,[o] geneig
om sy blare na binne te draai; en
sy wortels het geleidelik onder
hom gekom. En dit het uitein-
delik ’n wingerdstok geword en
lote voortgebring en takke uit-
gestoot.[p]

**7** “‘“En daar was nog ’n
groot arend[q] met groot vler-
ke en groot vlerkvere,[r] en kyk!
hierdie wingerdstok het sy wor-
tels hongerig na hom toe uitge-
strek.[s] En sy blare het hy na
hom toe uitgesteek sodat hy dit
sou natlei, weg van die beddings

HFST. 16
a Ps 14:7; Ps 126:1; Jes 1:9
b Jes 19:24
c Jer 2:26; Ese 36:31
d Ese 14:22
e Ese 36:11; Mal 3:4
f Jes 65:5; Sef 3:11
g Klg 4:22; Ese 21:24; Ho 2:10
h 2Kn 16:5; 2Kr 28:5; Jes 7:1
i 2Kr 28:18
j Jer 33:24
k Ga 5:19; 1Pe 4:3
l Klg 5:7; Ese 23:49
m Ps 62:12; Jes 3:11; Ro 2:6; Ga 6:7
n De 29:12; Jer 22:9
o Le 26:42; Ps 106:45
p Jer 32:40; Jer 50:5
q Ese 20:43
r Jes 54:1; Ga 4:26
s Jer 31:31; Heb 8:13

Tweede kol.
a Ho 2:19
b Esr 9:6; Ese 36:31
c Ps 39:9; Ro 3:19
d Ps 103:12; Mi 7:19

HFST. 17
e Rig 14:12; Spr 1:6
f Ese 20:49; Ho 12:10; Mt 13:13
g De 28:49; Jer 4:13; Klg 4:19; Ho 8:1
h Da 7:4
i Jer 22:23
j Jer 22:7
k 2Kn 24:12; 2Kr 36:10; Jer 24:1
l 2Kn 24:15
m Jer 37:1; Ese 17:13
n 2Kn 24:17
o Ese 17:14
p 2Kr 36:11
q Jer 37:5; Ese 17:15
r Jer 37:7
s Jes 36:6

waar dit geplant was.[a] 8 In ’n
goeie land, by baie waters, was
dit reeds oorgeplant,[b] om lote
voort te bring en vrug te dra,
om ’n majestueuse wingerdstok
te word.” ’

9 “Sê: ‘Só het die Soewerei-
ne Heer Jehovah gesê: “Sal dit
suksesvol wees?[c] Sal iemand nie
sy wortels uitruk[d] en sy vrug-
te skubberig maak nie? En sal
al sy vars geplukte uitspruitsels
nie verdroog nie?[e] Dit sal ver-
droog. Dit sal nie deur ’n groot
arm of deur ’n talryke volk van
sy wortels af opgelig hoef te
word nie. 10 En kyk! sal dit
suksesvol wees hoewel dit oor-
geplant is? Sal dit nie heeltemal
verdroog, ja, soos wanneer die
oostewind dit aanraak nie?[f] In
die beddings van sy uitspruitsel
sal dit verdroog.” ’ ”[g]

11 En die woord van Jeho-
vah het verder tot my gekom
en gesê: 12 “Sê asseblief vir
die opstandige huis:[h] ‘Weet jul-
le nie wat hierdie dinge bete-
ken nie?’ Sê: ‘Kyk! Die koning
van Babilon het na Jerusalem
gekom en sy koning[i] en sy vors-
te geneem en hulle na hom toe
gebring in Babilon.[j] 13 Verder
het hy iemand van die koninkli-
ke saad[k] geneem en ’n verbond
met hom gesluit en hom ’n eed
opgelê;[l] en die vernaamste man-
ne van die land het hy wegge-
neem,[m] 14 sodat die konink-
ryk van geringe betekenis sou
wees,[n] nie in staat om homself
te verhef nie, sodat dit sou bly
staan deur sy verbond te hou.[o]
15 Maar hy het uiteindelik teen
hom in opstand gekom[p] deur
sy boodskappers na Egipte te
stuur, sodat dié hom perde[q] en
baie manskappe sou gee. Sal
hy suksesvol wees? Sal hy ont-
kom, hy wat hierdie dinge doen
en wat ’n verbond verbreek het?
En sal hy werklik ontkom?’[r]

16 “ ‘ “So waar as ek lewe”,[a]
is die woord van die Soewerei-
ne Heer Jehovah, “in die woon-
plek van die koning wat die een
as koning aangestel het wat sy
eed verag het[b] en wat sy ver-
bond verbreek het, by hom, in
Babilon, sal hy sterf.[c] 17 En
deur ’n groot krygsmag en deur
’n talryke vergadering sal Fa-
rao hom nie in die oorlog doel-
treffend laat optree nie,[d] deur
’n beleëringskans op te werp en
deur ’n beleëringsmuur te bou,
ten einde baie siele uit te roei.[e]
18 En hy het ’n eed verag[f] deur
’n verbond te verbreek, en kyk!
hy het sy hand gegee[g] en al
hierdie dinge gedoen. Hy sal nie
ontkom nie.” ’[h]

19 “ ‘Daarom, só het die Soe-
wereine Heer Jehovah gesê: “So
waar as ek lewe, my eed wat hy
verag het[i] en my verbond wat
hy verbreek het—ja, ek sal dit
gewis op sy hoof laat neerkom.
20 En ek sal my net oor hom
uitsprei, en hy sal beslis in my
vangnet gevang word;[j] en ek sal
hom na Babilon bring en daar
met hom in die gerig tree omdat
hy ontrou teenoor my gehandel
het.[k] 21 En wat al sy vlugte-
linge in al sy krygsbendes be-
tref, deur die swaard sal hulle
val, en dié wat oorbly, sal in alle
windrigtings verstrooi word.[l]
En julle sal moet weet dat ek,
Jehovah, dit gespreek het.” ’[m]

22 “ ‘Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: “Ek sal ook
van die hoë top van die seder
neem en dit insit;[n] van die boon-
ste van sy takkies sal ek ’n sag-
te takkie afpluk,[o] en ek sal dit
op ’n hoë en verhewe berg oor-
plant.[p] 23 Op die berg van die
hoogte van Israel sal ek dit
oorplant,[q] en dit sal beslis tak-
ke voortbring en vrug dra[r] en
’n majestueuse seder word.[s] En
daaronder sal alle soorte voëls

HFST. 17
a 2Kn 24:20; 2Kr 36:13
b Jer 37:1
c Nu 14:41; 2Kr 13:12; Jer 32:5
d Jer 21:7
e 2Kn 25:7; Jer 52:10
f Ho 13:15; Jon 4:8
g Ese 19:12
h Jes 1:2; Ese 2:5; Ese 3:9; Ese 12:9
i 2Kn 24:12; Jer 22:25
j Jes 39:7; Jer 52:32
k 2Kn 24:17; Jer 37:1
l 2Kr 36:13; Jer 5:2
m 2Kn 24:15; Jer 24:1
n De 28:43; 1Sa 2:7
o Jer 27:12; Jer 38:17
p 2Kn 24:20; 2Kr 36:13; Jer 52:3; Ese 17:7
q De 17:16; Jes 30:2; Jes 31:1; Jer 37:5
r Spr 19:5; Jer 32:4

Tweede kol.
a Heb 6:13
b Mal 3:5
c Jer 34:3; Jer 52:11
d Jes 31:1; Jer 37:7; Klg 4:17; Ese 29:6
e Jer 33:5
f Mt 5:37; Ro 1:31
g Klg 5:6
h Ese 17:15
i De 5:11; Jer 5:2
j 2Kr 33:11; Ese 12:13; Ese 32:3; Ho 7:12
k Ese 20:36; Mi 6:2
l Ese 5:10; Ese 12:14
m Ese 6:13
n Ps 80:15; Jes 11:1; Jer 23:5; Jer 33:15; Sag 3:8
o Jes 53:2
p Ps 2:6
q Ps 92:13; Da 4:17
r Jes 27:6
s Ps 92:12

woon; in die skaduwee van sy blare sal hulle woon.[a] **24** En al die bome van die veld sal moet weet dat ek, Jehovah,[b] die hoë boom verneder het,[c] die geringe boom verhoog het,[d] die boom wat nog vogtig was, laat verdroog het[e] en die droë boom laat bloei het. Ek, Jehovah, het gespreek en het dit gedoen.” ’ ”[f]

**18** En die woord van Jehovah het verder tot my gekom en gesê: **2** “Wat beteken dit vir julle dat julle hierdie spreekwoord in die land van Israel gebruik en sê: ‘Die vaders eet groen druiwe, maar die tande van die kinders word stomp’?[g]

**3** “ ‘So waar as ek lewe’, is die woord van die Soewereine Heer Jehovah, ‘julle sal nie meer hierdie spreekwoord in Israel gebruik nie. **4** Kyk! Al die siele—aan my behoort hulle.[h] Soos die siel[i] van die vader, so ook die siel van die seun—aan my behoort hulle.[j] Die siel wat sondig[k]—dié sal sterf.[l]

**5** “ ‘En wat ’n man betref, as hy regverdig is en geregtigheid en regverdigheid beoefen het;[m] **6** as hy nie op die berge[n] geëet het[o] en sy oë nie na die drekgode van die huis van Israel opgeslaan het[p] en sy metgesel se vrou nie verontreinig het[q] en nie naby ’n vrou in haar onreinheid gekom het nie;[r] **7** en as hy geen mens sleg behandel het nie;[s] hy die pand wat hy vir skuld geneem het, teruggegee het;[t] hy niks geroof het nie;[u] hy aan die een wat honger is, sy brood gegee het[v] en hy die een wat naak is, met ’n kleed bedek het;[w] **8** as hy niks op rente gegee het[x] en geen woekerwins geneem het nie;[y] hy sy hand van onreg teruggetrek het;[z] hy ware geregtigheid tussen man en man uitgeoefen het;[a] **9** as hy in my insettinge bly wandel het[b] en my regterlike beslissings onderhou het om volgens die waarheid te handel,[c] is hy regverdig.[d] Hy sal sekerlik bly lewe’,[e] is die woord van die Soewereine Heer Jehovah.

**10** “ ‘En as iemand die vader geword het van ’n seun wat ’n rower is,[f] ’n bloedvergieter,[g] wat iets soortgelyk aan een van hierdie dinge gedoen het **11** (maar hy self nie een van hierdie dinge gedoen het nie); as hy ook op die berge geëet het[h] en sy metgesel se vrou verontreinig het;[i] **12** as hy die geteisterde en arme sleg behandel het;[j] hy dinge geroof het,[k] ’n pand nie teruggegee het nie[l] en hy sy oë na die drekgode opgeslaan het,[m] het hy iets verfoeiliks gedoen.[n] **13** Op woeker het hy gegee[o] en rente het hy geneem,[p] en hy sal sekerlik nie bly lewe nie. Al hierdie verfoeilike dinge het hy gedoen.[q] Hy sal sekerlik doodgemaak word. Sy bloed sal op hom wees.[r]

**14** “ ‘En kyk! iemand het die vader geword van ’n seun wat voortdurend al die sondes van sy vader sien wat hy gedoen het, en hy sien dit en doen nie sulke dinge nie.[s] **15** Op die berge het hy nie geëet nie, en sy oë het hy nie na die drekgode van die huis van Israel opgeslaan nie;[t] sy metgesel se vrou het hy nie verontreinig nie[u] **16** en geen mens het hy sleg behandel nie,[v] geen pand het hy geneem nie[w] en niks het hy geroof nie;[x] aan die een wat honger is, het hy sy brood gegee[y]

**HFST. 17**
a Ps 72:8; Ho 14:7
b Jes 55:12
c 1Sa 2:7; Ps 75:7; Lu 1:52
d Jes 9:6; Ese 21:27; Da 4:17; Am 9:11
e Lu 23:31
f Ese 22:14; Ese 24:14

**HFST. 18**
g Jer 15:4; Jer 31:29; Klg 5:7
h Ps 100:3; Han 17:26
i Ge 2:7
j De 26:18
k Ro 3:23; Ro 5:12
l Ge 2:17; Ge 17:14; Rig 16:30; Job 33:22; Ps 78:50; Jes 53:12; Han 3:23; Ro 6:23; Op 16:3
m Ps 15:2
n De 12:2; Jer 3:6; Ho 4:13
o Nu 25:2; Ese 22:9
p Ese 36:25
q Le 20:10
r Le 18:19; Le 20:18
s Le 25:14; Spr 14:21
t De 24:12; Ese 33:15
u Le 6:2
v De 15:11; Spr 28:27
w Jes 58:7; Mt 25:36; Jak 2:15
x Eks 22:25; De 23:19; Ps 15:5; Lu 6:35
y Le 25:36; Ne 5:7
z Le 19:35; De 25:16

**Tweede kol.**
a Le 19:15; Le 25:14; De 1:16; Sag 8:16
b De 8:11
c De 4:1; De 5:1; Ese 20:11
d Ps 24:5
e Le 18:5; Ne 9:29; Am 5:4; Ro 10:5; Ga 3:12
f Le 19:13

g Ge 9:6; Eks 21:12; Nu 35:31; h Eks 34:15; i Le 20:10; j De 15:7; Job 31:17; Ho 12:7; k Le 6:2; l De 24:12; m Le 26:30; n 2Kn 21:11; o Le 25:36; Ese 22:12; p De 23:19; Jes 24:2; q Le 18:30; r Le 20:9; Le 20:27; Ese 3:18; Ese 33:4; Han 18:6; s Jer 8:6; t Le 26:30; u Le 20:10; v Eks 22:21; Spr 19:26; w De 24:12; x Le 6:2; y De 15:11; Job 31:17; Mt 25:35.

en die een wat naak is, het hy
met 'n kleed bedek;[a] **17** van
die geteisterde het hy sy hand
teruggetrek; geen woekerwins[b]
en rente[c] het hy geneem nie;
my regterlike beslissings het
hy uitgevoer;[d] in my insettinge
het hy gewandel;[e] hy sal nie
weens die oortreding van sy va-
der sterf nie.[f] Hy sal sekerlik
bly lewe.[g] **18** Wat sy vader be-
tref, omdat hy openlik bedrog
gepleeg het,[h] iets van 'n broer
geroof het[i] en onder sy volke
gedoen het wat nie goed is nie[j]
—kyk! dan sal hy vir sy oortre-
ding sterf.[k]

**19** "'En julle sal beslis sê:
"Waarom hoef die seun geen
skuld te dra weens die oortre-
ding van die vader nie?"[l] Wat
die seun betref, geregtigheid en
regverdigheid het hy beoefen,[m]
al my insettinge het hy onder-
hou, en hy bly daarvolgens han-
del.[n] Hy sal sekerlik bly lewe.[o]
**20** Die siel wat sondig—dié sal
sterf.[p] 'n Seun sal geen skuld
dra weens die oortreding van
die vader nie, en 'n vader sal
geen skuld dra weens die oor-
treding van die seun nie.[q] Die
regverdigheid van die regverdi-
ge sal op hom wees,[r] en die god-
deloosheid van 'n goddelose sal
op hom wees.[s]

**21** "'Wat dan nou 'n goddelo-
se betref, as hy hom afkeer van
al sy sondes wat hy gepleeg
het[t] en hy al my insettinge
onderhou en geregtigheid en
regverdigheid beoefen,[u] sal hy
sekerlik bly lewe. Hy sal nie
sterf nie.[v] **22** Al sy oortre-
dings wat hy begaan het—dit
sal nie teen hom in herinnering
gebring word nie.[w] Vir sy reg-
verdigheid wat hy gedoen het,
sal hy bly lewe.'[x]

**23** "'Skep ek enigsins behae
in die dood van 'n goddelose',[y]
is die woord van die Soewereine
Heer Jehovah, 'en nie daarin dat
hy hom afkeer van sy weë en bly
lewe nie?'[a]

**24** "'En wanneer 'n regver-
dige hom van sy regverdigheid
afkeer en onreg doen[b]—hy bly
handel volgens al die verfoeili-
ke dinge wat die goddelose ge-
doen het,[c] en hy lewe—sal daar
nie gedink word aan een van al
sy regverdige dade wat hy ge-
doen het nie.[d] Vir sy ontrou-
heid wat hy gepleeg het en vir
sy sonde waarmee hy gesondig
het, daarvoor sal hy sterf.[e]

**25** "'En julle sal beslis sê:
"Die weg van Jehovah is nie
regverdig nie."[f] Hoor asseblief,
o huis van Israel. Is my weg nie
regverdig nie?[g] Is dit nie julle
weë wat nie regverdig is nie?[h]

**26** "'Wanneer 'n regverdige
hom van sy regverdigheid af-
keer en onreg doen[i] en as ge-
volg daarvan sterf, sal hy sterf
vir sy onreg wat hy gedoen het.[j]

**27** "'En wanneer 'n goddelo-
se hom afkeer van sy godde-
loosheid wat hy gedoen het
en geregtigheid en regverdig-
heid beoefen,[k] sal hy sy siel in
die lewe hou.[l] **28** Wanneer hy
dit insien[m] en hom afkeer van
al sy oortredings wat hy begaan
het,[n] sal hy sekerlik bly lewe.
Hy sal nie sterf nie.[o]

**29** "'En die huis van Israel
sal beslis sê: "Die weg van Je-
hovah is nie regverdig nie."[p] Is
my weë nie regverdig nie, o huis
van Israel?[q] Is dit nie julle weë
wat nie regverdig is nie?'[r]

**30** "'Daarom sal ek julle oor-
deel, elkeen volgens sy weë,[s] o
huis van Israel', is die woord
van die Soewereine Heer Jeho-
vah.[t] 'Keer terug, ja, keer jul-

**HFST. 18**

a Job 31:19; Jes 58:7; Jak 2:15
b Le 25:36
c Eks 22:25; De 23:19
d De 4:1; De 5:1
e De 8:11
f Ese 3:21
g Ese 18:9
h Le 19:13
i Le 6:2
j Jes 3:11
k Ese 3:18
l Eks 20:5; De 5:9; 2Kn 23:26
m Lu 1:6
n Ese 20:18
o De 16:20; Ese 18:9; Ro 10:5
p De 24:16; 2Kn 14:6; Jer 31:30; Ese 18:4
q 2Kr 25:4
r 1Kn 8:32; Jes 3:10
s 2Kr 6:23; Ese 33:10; Ro 2:9; Ga 6:7
t 2Kr 33:12; Jes 55:7; Ese 33:12; Han 3:19
u Lu 1:6
v Ese 3:21
w 2Kr 33:13; Ps 25:7; Jes 43:25; Ese 33:16
x 2Kr 6:23
y Klg 3:33; Ese 33:11; 1Ti 2:4; 2Pe 3:9

**Tweede kol.**

a Mi 7:18
b 1Sa 15:11; 1Kn 11:4; Ese 33:12
c Ro 1:28
d Heb 10:38; 2Jo 8
e Spr 14:32; Spr 21:16
f Job 34:5; Job 35:2; Spr 19:3; Ese 33:17; Mal 2:17; Ro 9:20
g De 32:4; Ps 145:17
h Ps 50:21; Jes 55:9; Jer 2:17
i De 25:16
j Ga 6:7
k Jes 1:18; Jes 55:7; Han 26:20
l 1Ti 4:16
m De 32:29
n 1Sa 7:3; Ese 33:12
o Ese 18:9

**p** Ps 92:15; Spr 19:3; **q** Ge 18:25; De 32:4; Ps 145:17; Jes 40:14; **r** Job 9:2; **s** Job 34:11; Ro 2:6; 1Pe 1:17; **t** Pr 12:14.

le af van al julle oortredings,[a]
en laat niks vir julle ’n struikel-
blok wees wat oortreding ver-
oorsaak nie.[b] **31** Werp al julle
oortredings waarin julle oor-
tree het, van julle af[c] en maak
vir julle ’n nuwe hart[d] en ’n
nuwe gees,[e] want waarom moet
julle sterf,[f] o huis van Israel?’

**32** “‘Want ek skep geen be-
hae in die dood van iemand
wat sterf nie’,[g] is die woord van
die Soewereine Heer Jehovah.
‘KEER dus terug en bly lewe.’”[h]

**19** “En wat jou betref, hef
’n klaaglied aan[i] oor die
owerstes van Israel,[j] **2** en jy
moet sê: ‘Wat was jou moeder?
’n Leeuwyfie tussen leeus.[k] Sy
het tussen jong maanhaarleeus
gaan lê. Sy het haar welpies
grootgemaak.

**3** “‘En sy het geleidelik een
van haar welpies grootgemaak.[l]
’n Jong maanhaarleeu het hy
geword, en hy het begin leer
hoe om prooi te verskeur.[m]
Hy het selfs mense verslind.
**4** En nasies het voortdurend
van hom gehoor. In hulle kuil
is hy gevang, en hulle het hom
met hake na Egipteland ge-
bring.[n]

**5** “‘Toe sy sien dat sy gewag
het en haar hoop vergaan het,
het sy nog een van haar welpies
geneem.[o] ’n Jong maanhaarleeu
het sy hom gemaak. **6** En hy
het onder leeus rondgeloop. ’n
Jong maanhaarleeu het hy ge-
word. En hy het geleidelik ge-
leer hoe om prooi te verskeur.[p]
Hy het selfs mense verslind.[q]
**7** En hy het hulle woontorings
leer ken, en hy het selfs hulle
stede verwoes,[r] sodat die land
verlate gemaak is en hy dit met
die geluid van sy gebrul gevul
het.[s] **8** En nasies rondom uit
die regsgebiede het hulle teen
hom begin opstel[t] en het hulle
net oor hom uitgesprei.[a] In hul-
le kuil is hy gevang.[b] **9** Uit-
eindelik het hulle hom met hake
in die hok gesit en hom na
die koning van Babilon toe ge-
bring.[c] Hulle het hom met vang-
nette gebring, sodat sy stem nie
meer op die berge van Israel ge-
hoor sou word nie.[d]

**10** “‘Jou moeder[e] was soos
’n wingerdstok in jou bloed,[f]
geplant by waters. Dit het
vrugdraend en vol takke ge-
word weens oorvloedige water.[g]
**11** En hulle het sterk staw-
we daarvoor geword, bestem vir
die septers van heersers.[h] En sy
hoogte het geleidelik groot ge-
word, tot tussen die takke, en
dit het weens sy hoogte sigbaar
geword, weens die oorvloed van
sy blare.[i] **12** Maar dit is uit-
eindelik in grimmigheid uitge-
ruk.[j] Teen die grond is dit ge-
gooi, en ’n oostewind het sy
vrugte laat verdroog.[k] Sy sterk
staf is afgeruk en het verdroog.[l]
Vuur het dit verteer.[m] **13** En
nou is dit in die wildernis ge-
plant,[n] in ’n waterlose en dors-
tige land.[o] **14** En vuur het uit
sy staf uitgegaan.[p] Dit het sy
lote verteer, ja, sy vrugte, en
daarin was geen sterk staf nie,
geen septer om te heers nie.[q]

“‘Dit is ’n klaaglied, en dit sal
’n klaaglied word.’”[r]

**20** En in die sewende jaar, in
die vyfde maand, op die
tiende dag van die maand, het
daar manne uit die ouer manne
van Israel gekom om Jehovah
te raadpleeg,[s] en hulle het voor
my gaan sit.[t] **2** Toe het die
woord van Jehovah tot my ge-
kom en gesê: **3** “Mensekind,
praat met die ouer manne van
Israel, en jy moet vir hulle sê:
‘Só het die Soewereine Heer

**HFST. 18**
a Ho 12:6, Jl 2:13, Mt 3:2
b Ro 2:5
c Ps 34:14, Jes 1:16
d Ps 51:10, Jer 32:39
e Jes 1:19, Ese 11:19, Ef 4:24
f De 30:15, Spr 8:36, Han 13:46
g Jer 29:11, Klg 3:33, Ese 33:11, Lu 15:10, 2Pe 3:9
h De 30:16, Ese 18:9

**HFST. 19**
i Jer 7:29, Ese 26:17
j 2Kr 35:25
k Ps 7:2, Na 2:11, Sef 3:3
l 2Kn 23:31, 2Kr 36:1
m 2Kn 23:32
n 2Kn 23:33, 2Kr 36:4, Jer 22:11
o 2Kn 23:34
p 2Kr 36:5, Jer 22:17
q 2Kn 24:4
r Ese 12:19
s Spr 19:12, Spr 28:15, Ese 22:25
t 2Kn 24:2

**Tweede kol.**
a Ese 12:13, Ese 17:20
b Klg 4:20
c 2Kn 24:12
d Ese 6:2
e Ho 2:2
f Ps 80:8, Jes 5:1, Ese 15:2, Ese 17:6
g Nu 24:6, De 8:7
h Nu 24:17, Esr 4:20
i Ese 31:3, Da 4:11
j Jes 5:5, Jer 17:10, Jer 31:28, Ese 15:6
k Ho 13:15
l 2Kn 23:34, 2Kn 24:6, 2Kn 25:6
m De 32:22, Ese 15:4
n De 28:48, Jer 17:6, Jer 52:27
o Jer 9:11
p Rig 9:15, 2Kn 24:20

q Ne 9:37; Ese 17:18; Ese 21:26; r Klg 4:20; **HFST. 20** s Ese 8:1; t Ese 14:1.

Jehovah gesê: “Kom julle om my
te raadpleeg?[a] ‘So waar as ek le-
we, ek sal my nie deur julle laat
raadpleeg nie’,[b] is die woord
van die Soewereine Heer Jeho-
vah.” ’
4 “Sal jy hulle oordeel? Sal
jy hulle oordeel, o mensekind?[c]
Maak die verfoeilike dinge van
hulle voorvaders aan hulle be-
kend.[d] 5 En jy moet vir hulle
sê: ‘Só het die Soewereine Heer
Jehovah gesê: “Die dag toe ek
Israel uitgekies het,[e] het ek ook
vir die saad van die huis van Ja-
kob[f] my hand in ’n eed opgehef[g]
en my in Egipteland aan hulle
bekend gemaak.[h] Ja, ek het vir
hulle my hand in ’n eed opge-
hef en gesê: ‘Ek is Jehovah jul-
le God.’[i] 6 Dié dag het ek vir
hulle my hand in ’n eed opge-
hef[j] om hulle uit Egipteland uit
te lei na ’n land wat ek vir hul-
le verken het, wat oorloop van
melk en heuning.[k] Dit was die
sieraad van al die lande.[l] 7 En
ek het vir hulle gesê: ‘Gooi weg,
elkeen die walglike dinge van sy
oë,[m] en moet julle nie met die
drekgode van Egipte verontrei-
nig nie.[n] Ek is Jehovah julle
God.’[o]
8 “ ‘ “En hulle het teen my in
opstand begin kom,[p] en hulle
wou nie na my luister nie. Hul-
le het nie elkeen die walglike
dinge van hulle oë weggegooi
nie, en die drekgode van Egip-
te het hulle nie verlaat nie,[q] so-
dat ek beloof het om my woe-
de oor hulle uit te stort, om
my toorn teen hulle te laat uit-
woed in Egipteland.[r] 9 En ek
het ter wille van my naam opge-
tree, sodat dit nie ontheilig sou
word voor die oë van die nasies
onder wie hulle was nie,[s] want
ek het my voor hulle oë aan hul-
le bekend gemaak toe ek hulle
uit Egipteland uitgelei het.[t]
10 En ek het hulle uit Egipte-
land uitgelei en hulle in die wil-
dernis gebring.[a]
11 “ ‘ “En ek het hulle my in-
settinge[b] gegee; en my regterli-
ke beslissings[c] het ek aan hulle
bekend gemaak, sodat die mens
wat dit deurentyd nakom, ook
daardeur kan bly lewe.[d] 12 En
my sabbatte het ek ook aan hul-
le gegee,[e] om ’n teken tussen
my en hulle te word,[f] sodat hul-
le kan weet dat ek Jehovah is,
wat hulle heilig.
13 “ ‘ “Maar hulle, die huis
van Israel, het in die wildernis
teen my in opstand gekom.[g] In
my insettinge het hulle nie ge-
wandel nie[h] en my regterlike
beslissings het hulle verwerp,[i]
waardeur die mens, as hy dit
deurentyd nakom, ook sal bly
lewe.[j] En my sabbatte het hul-
le grootliks ontheilig,[k] sodat ek
beloof het om my grimmigheid
in die wildernis oor hulle uit
te stort, ten einde hulle uit te
roei.[l] 14 Maar ek het ter wil-
le van my naam opgetree, sodat
dit nie ontheilig sou word voor
die oë van die nasies voor wie
se oë ek hulle uitgelei het nie.[m]
15 En ek het ook vir hulle my
hand in ’n eed opgehef in die
wildernis,[n] dat ek hulle nie sou
bring in die land wat ek ge-
gee het nie, wat oorloop van
melk en heuning[o] (dit is die sie-
raad van al die lande),[p] 16 om-
dat hulle my regterlike beslis-
sings verwerp het; en in my
insettinge het hulle nie gewan-
del nie, en my sabbatte het hul-
le ontheilig, want hulle hart het
agter hulle drekgode aan ge-
gaan.[q]
17 “ ‘ “En my oog het vir hulle
jammer begin voel, sodat dit my

HFST. 20
a Jes 1:12
b 1Sa 28:6 Spr 15:8 Spr 28:9 Jes 1:15 Ese 14:3 Mi 3:7
c Ese 14:4
d Ese 16:2 Ese 16:51 Ese 22:2 Ese 23:36 Lu 11:47 Han 7:51
e Eks 6:7 De 7:6 Jes 41:8
f Eks 6:8 De 32:40 Ese 47:14
g Jes 62:8
h Eks 3:8 Eks 4:31 De 4:34 Ps 103:7
i Eks 20:2
j Heb 6:13
k Eks 3:8 De 6:3 De 8:7 Jos 5:6 Jer 11:5 Jer 32:22
l Ps 48:2 Da 8:9 Da 11:41 Sag 7:14
m 2Kr 15:8 Ese 18:31
n Le 17:7 Le 18:3 De 29:17 Jos 24:14
o Eks 16:12 Le 11:44 Le 20:7
p De 9:7 1Sa 15:23 Ne 9:26 Jes 63:10
q Eks 32:4
r Jos 24:14 Ese 7:8
s Eks 32:12 Nu 14:13 De 9:28 Jos 7:9 1Sa 12:22
t Jos 2:10 Jos 9:9 1Sa 4:8

Tweede kol.
a Eks 13:17 Eks 15:22
b Le 3:17
c De 4:8 Ne 9:13 Ps 147:19
d De 8:3 De 30:16 Lu 10:28 Ro 10:5 Ga 3:12
e Eks 20:8 Le 23:3 Le 23:24 Le 23:32 Le 25:4 Le 25:11 De 5:12 Ne 9:14

f Eks 13:9; Eks 31:13; Eks 35:2; g Eks 32:8; Nu 14:22; Ps 78:40; Ps 95:8; h Le 26:15; i Le 26:43; Spr 1:25; Ese 16:24; j Ese 18:9; Ro 10:5; k Jes 56:6; l Nu 14:12; m Jos 7:9; Ese 36:22; n Nu 14:30; Ps 95:11; Ps 106:26; o Le 20:24; Nu 13:27; p Sag 7:14; q Eks 32:4; Nu 15:39; Nu 25:2; 1Kn 21:26; Ese 14:4; Han 7:42.

daarvan weerhou het om hulle
te verdelg,[a] en ek het hulle nie
in die wildernis uitgeroei nie.
**18** En ek het vir hulle kinders
in die wildernis[b] gesê: 'Moenie
volgens die voorskrifte van jul-
le voorvaders wandel nie,[c] en
moenie hulle regterlike beslis-
sings onderhou nie,[d] en moenie
julle met hulle drekgode veront-
reinig nie.[e] **19** Ek is Jehovah
julle God.[f] Wandel in my inset-
tinge,[g] en onderhou my regter-
like beslissings[h] en kom dit na.[i]
**20** En heilig my sabbatte,[j] en
hulle sal dien as 'n teken tussen
my en julle, sodat julle kan weet
dat ek Jehovah julle God is.'[k]

**21** "'"En die kinders het
teen my in opstand begin kom.[l]
In my insettinge het hulle nie
gewandel nie, en my regterli-
ke beslissings het hulle nie on-
derhou deur dit na te kom nie,
waardeur die mens, as hy dit
deurentyd nakom, ook sal bly
lewe.[m] My sabbatte het hul-
le ontheilig.[n] Toe het ek beloof
om my woede oor hulle uit te
stort, om my toorn teen hulle te
laat uitwoed in die wildernis.[o]
**22** En ek het my hand terugge-
trek[p] en ter wille van my naam
opgetree, sodat dit nie ontheilig
sou word voor die oë van die na-
sies voor wie se oë ek hulle uit-
gelei het nie.[q] **23** Ook het ek
vir hulle my hand in 'n eed op-
gehef in die wildernis,[r] dat ek
hulle onder die nasies sou ver-
strooi en hulle in die lande sou
versprei,[s] **24** omdat hulle nie
my regterlike beslissings uitge-
voer het nie[t] en hulle my inset-
tinge verwerp het[u] en my sab-
batte ontheilig het[v] en hulle
oë agter die drekgode van hul-
le voorvaders aan gegaan het.[w]
**25** En ek het hulle ook toege-
laat om voorskrifte te hê wat
nie goed was nie en regterlike

HFST. 20
a Ne 9:19, Ps 78:38, Jer 30:11, Klg 3:22
b Nu 14:33
c Ps 78:8, Ese 5:7
d Han 7:51, 1Pe 1:18
e Jer 2:7
f De 5:6, Ps 81:10
g Le 25:18, De 5:32
h De 4:1
i De 5:1
j Jer 17:22
k Eks 31:13
l Nu 25:1, De 9:23, 1Kn 13:21
m Ese 20:11
n Ese 20:13
o 1Sa 12:15, 1Sa 15:23, Ps 5:10, Jes 1:20, Jes 63:10, Ese 7:8
p Ps 78:38
q Ps 25:11, Ps 79:9, Jer 14:7, Da 9:19
r De 32:40
s Le 26:33, De 28:64, Ps 106:27, Jer 15:4
t Le 26:43
u Le 26:15
v Ese 20:13
w Jer 2:7, Jer 3:9, Ese 6:9

Tweede kol.
a Ps 81:12, Jes 66:4, Ro 1:24, 2Te 2:11
b Le 18:21, 2Kn 16:3, 2Kn 17:17, 2Kn 21:6, 2Kr 28:3, 2Kr 33:6, Jer 7:31, Jer 19:5, Jer 32:35, Ese 16:20
c Ese 6:7
d Ese 2:7
e Ro 2:24
f Jos 23:5, Ne 9:22
g Ps 105:9, Ese 20:6
h De 12:2, 1Kn 14:23, Jes 65:7, Jer 2:20
i Ps 78:58, Jes 57:5, Ese 6:13
j Ese 16:19
k Jer 19:13
l Ese 16:24
m Nu 32:14

beslissings waardeur hulle nie
kon bly lewe nie.[a] **26** En ek
het hulle onrein laat word deur
hulle gawes wanneer hulle elke
kind wat die moederskoot open,
deur die vuur laat gaan het,[b] so-
dat ek hulle verlate kon maak,
sodat hulle kon weet dat ek Je-
hovah is."'[c]

**27** "Daarom, praat met die
huis van Israel, o mensekind, en
jy moet vir hulle sê:[d] 'Só het die
Soewereine Heer Jehovah gesê:
"Ook in hierdie opsig het julle
voorvaders my gesmaad, deur-
dat hulle ontrou teenoor my ge-
handel het.[e] **28** En ek het hul-
le in die land gebring[f] waaroor
ek my hand in 'n eed opgehef
het om dit aan hulle te gee.[g] Toe
hulle elke hoë heuwel[h] en elke
digte boom sien, het hulle be-
gin om daar hulle offerandes te
bring[i] en daar hulle aanstootli-
ke offer te gee en daar hulle rus-
tige geure aan te bied[j] en daar
hulle drankoffers uit te giet.[k]
**29** Toe het ek vir hulle gesê:
'Wat beteken die hoogte waar-
heen julle kom, dat dit tot van-
dag toe Hoogte genoem moet
word?'"'[l]

**30** "Daarom, sê vir die huis
van Israel: 'Só het die Soewerei-
ne Heer Jehovah gesê: "Veront-
reinig julle julle in die weg van
julle voorvaders,[m] en loop jul-
le in onsedelike gemeenskap ag-
ter hulle walglike dinge aan?[n]
**31** En verontreinig julle julle
tot vandag toe vir al julle drek-
gode[o] deur julle gawes omhoog
te hef, deurdat julle julle seuns
deur die vuur laat gaan?[p] Sal ek
my terselfdertyd deur julle laat
raadpleeg, o huis van Israel?"'[q]

"'So waar as ek lewe', is die
woord van die Soewereine Heer

n Rig 2:19; 2Kr 21:13; Jer 7:28; Jer 13:27; Han 7:51; o De 29:17; 1Kn 21:26; Ese 20:7; p De 18:10; Ps 106:37; Jer 7:31; q 1Sa 28:6; Spr 1:28; Jes 1:15.

Jehovah, ‘ek sal my nie deur jul-
le laat raadpleeg nie.[a] **32** En
wat in julle gees opkom,[b] sal ge-
wis nie gebeur nie,[c] naamlik dat
julle sê: “Laat ons soos die na-
sies word, soos die families van
die lande,[d] deur hout en klip te
dien.” ’ ”[e]

**33** “ ‘So waar as ek lewe’, is
die woord van die Soewerei-
ne Heer Jehovah, ‘met ’n sterk
hand en met ’n uitgestrekte
arm[f] en met uitgestorte woede
sal ek as koning oor julle heers.[g]
**34** En ek sal julle onder die vol-
ke uitlei, en ek sal julle byme-
kaarmaak uit die lande waar-
heen julle verstrooi is met ’n
sterk hand en met ’n uitgestrek-
te arm en met uitgestorte woe-
de.[h] **35** En ek sal julle in die
wildernis van die volke bring[i]
en daar van aangesig tot aange-
sig met julle in die gerig tree.[j]

**36** “ ‘Soos ek met julle voor-
vaders in die wildernis van
Egipteland in die gerig getree
het,[k] so sal ek met julle in die
gerig tree’, is die woord van
die Soewereine Heer Jehovah.
**37** ‘En ek sal julle onder die staf
laat deurgaan[l] en julle in die
band van die verbond bring.[m]
**38** En ek sal julle suiwer van
die opstandelinge en die oor-
treders[n] teen my, want uit die
land van hulle vreemdelingskap
sal ek hulle uitlei, maar in die
land van Israel sal hulle nie kom
nie;[o] en julle sal moet weet dat
ek Jehovah is.’[p]

**39** “En julle, o huis van Is-
rael, só het die Soewereine Heer
Jehovah gesê: ‘Gaan dien elkeen
sy drekgode.[q] En daarna, as jul-
le nie na my luister nie, dan sal
julle my heilige naam nie meer
ontheilig deur julle gawes en
deur julle drekgode nie.’[r]

**40** “ ‘Want op my heilige
berg, op die berg van die hoogte
van Israel’,[s] is die woord van die
Soewereine Heer Jehovah, ‘daar
sal hulle almal, die hele huis
van Israel, my dien in die land.[a]
Daar sal ek behae in hulle hê,
en daar sal ek julle bydraes en
die eerstelinge van julle aanbie-
dinge, al julle heilige dinge, eis.[b]
**41** Weens die rustige geur sal
ek behae in julle hê[c] wanneer
ek julle onder die volke uitlei en
julle bymekaarmaak uit die lan-
de waarheen julle verstrooi is,[d]
en ek sal deur middel van jul-
le geheilig word voor die oë van
die nasies.’[e]

**42** “ ‘En julle sal moet weet
dat ek Jehovah is[f] wanneer
ek julle in die land van Israel
bring,[g] in die land waaroor ek
my hand in ’n eed opgehef het
om dit aan julle voorvaders te
gee. **43** En daar sal julle be-
slis dink aan julle weë[h] en al
julle handelinge waardeur jul-
le julle verontreinig het,[i] en jul-
le sal ’n weersin in julleself hê
weens al julle slegte dinge wat
julle gedoen het.[j] **44** En julle
sal moet weet dat ek Jehovah
is[k] wanneer ek met julle handel
ter wille van my naam,[l] nie vol-
gens julle slegte weë of volgens
julle verdorwe handelinge nie,[m]
o huis van Israel’, is die woord
van die Soewereine Heer Jeho-
vah.”

**45** En die woord van Jeho-
vah het verder tot my gekom
en gesê: **46** “Mensekind, keer
jou gesig[n] in die rigting van
die suidelike deel en laat woor-
de na die suide drup,[o] en profe-
teer teen die woud van die suid-
land. **47** En jy moet vir die
woud van die suide sê: ‘Hoor die
woord van Jehovah. Só het die
Soewereine Heer Jehovah ge-
sê: “Kyk, ek steek ’n vuur aan
teen jou,[p] en dit sal elke boom
wat nog vogtig is en elke droë
boom in jou verteer.[q] Die bran-
dende vlam sal nie geblus word

HFST. 20

a Sag 7:13
b Ese 11:5
c Spr 19:21, Klg 3:37
d Ro 12:2
e De 4:28, De 28:36, Jer 44:17
f Jes 40:10
g Jer 21:5, Ese 8:18
h Jes 27:13, Ese 34:16, Am 9:9
i Ho 2:14, Mi 4:10
j Jer 2:9, Jer 25:31, Ese 17:20, Ho 4:1
k 1Ko 10:9
l Le 27:32, Jer 33:13, Ese 34:17
m Ps 89:34
n Nu 14:30, Ese 34:20, Mal 3:3, Mt 3:12
o Ese 13:9
p Ps 9:16, Ese 6:13
q Rig 10:14, Ps 81:12, Am 4:4
r Spr 21:27, Jes 1:13, Jer 7:10, Ese 23:39
s Jes 2:2, Jes 66:20, Ese 17:23, Mi 4:1

Tweede kol.

a Jes 56:7, Mi 4:2, Sag 8:22
b Mal 3:4, Ro 12:1, Heb 13:15
c Ge 8:21, Ef 5:2, Flp 4:18
d Jes 11:11, Jer 23:3, 2Ko 6:17
e Jes 5:16, Ese 38:23
f Jer 24:7, Ese 36:23
g Ese 11:17, Ese 37:12
h Le 26:40, Ne 1:9, Ese 16:61, Ho 5:15
i Ese 6:9
j Jer 31:18
k Ese 24:24
l Ps 79:9, Ese 36:22
m 1Ti 1:16
n Ese 6:2
o Ese 21:2, Am 7:16
p De 32:22, Jer 21:14
q Ese 17:24, Lu 23:31

nie,[a] en alle gesigte sal daardeur
geskroei word van die suide tot
die noorde.[b] **48** En alle vlees
sal sien dat ek, Jehovah, dit aan-
gesteek het, sodat dit nie geblus
sal word nie.” ’ ”[c]

**49** En ek het gesê: “Ag, o Soe-
wereine Heer Jehovah! Hulle sê
van my: ‘Stel hy nie spreek-
woorde saam nie?’ ”[d]

**21** En die woord van Jeho-
vah het verder tot my ge-
kom en gesê: **2** “Mensekind,
keer jou gesig na Jerusalem en
laat woorde na die heiligdom-
me[e] drup[f] en profeteer teen die
land van Israel.[g] **3** En jy moet
vir die land van Israel sê: ‘Só
het Jehovah gesê: “Kyk, ek is
teen jou,[h] en ek sal my swaard
uit sy skede trek[i] en die reg-
verdige en die goddelose uit jou
uitroei.[j] **4** Sodat ek die reg-
verdige en die goddelose uit
jou kan uitroei, daarom sal my
swaard uit sy skede uitgaan
teen alle vlees van die suide tot
die noorde.[k] **5** En alle vlees
sal moet weet dat ek, Jehovah,
my swaard uit sy skede getrek
het.[l] Dit sal nie meer teruggaan
nie.” ’[m]

**6** “En wat jou betref, o men-
sekind, sug met bewende heu-
pe.[n] Ja, met bitterheid moet jy
voor hulle oë sug.[o] **7** En as
hulle vir jou sê: ‘Waarom sug
jy?’[p] moet jy sê: ‘Weens ’n be-
rig.’[q] Want dit sal beslis kom,[r]
en elke hart sal smelt[s] en al die
hande sal slap word en elke gees
sal terneergedruk raak en al die
knieë sal drup van water.[t] ‘Kyk!
Dit sal beslis kom[u] en tot stand
gebring word’, is die woord van
die Soewereine Heer Jehovah.”

**8** En die woord van Jeho-
vah het verder tot my gekom
en gesê: **9** “Mensekind, pro-
feteer, en jy moet sê: ‘Só het
Jehovah gesê: “Sê: ‘ ’n Swaard,
’n swaard![a] Dit is skerp ge-
maak,[b] en dit is ook blink ge-
vryf. **10** Dit is skerp gemaak
om ’n slagting teweeg te bring;
dit is blink gevryf om dit te laat
glinster.’ ” ’ ”[c]

“Of sal ons ons verheug?”[d]

nietig,[m] o gerub wat beskut.

**17** “ ‘ “Jou hart het hoogmoe-
dig geword weens jou skoon-
heid.[n] Jy het jou wysheid ver-
derf weens jou stralende prag.[o]
Op die grond sal ek jou werp.[p]
Voor konings sal ek jou stel, so-
dat hulle op jou kan neersien.[q]

**18** “ ‘ “As gevolg van die oor-
vloed van jou oortredings,[r]
weens die onreg met betrek-
king tot jou handelsware,[s] het

HFST. 27
a Op 18:10
b Jer 18:16, Jer 19:8, Op 18:15
c Ps 37:10, Ese 26:14

HFST. 28
d Spr 16:18, Jes 2:12, Ese 28:5
e Da 11:36, 1Ko 8:5
f Jes 14:13, 2Te 2:4
g Ese 27:4
h Ps 144:3
i Jes 31:3
j Da 2:48
k Sag 9:2
l De 8:17, Spr 23:4, Sag 9:3
m Sag 9:2
n Ese 26:12, Ese 28:18
o Jes 23:3, Ese 27:12
p Spr 11:28, Spr 18:11
q Lu 14:11
r Ese 30:11
s De 28:50
t Jes 23:9
u Job 17:16
v Ese 27:26
w Ps 82:7
x Jes 31:3

Tweede kol.
a Jer 9:26
b Ese 26:17
c Spr 21:30, Jes 10:13, Jer 9:23, Ese 28:3, Sag 9:2
d Ese 27:3
e Ese 31:8
f Ge 2:12
g Ese 27:16
h Jes 14:13
i 1Kn 5:1
j Jl 3:4, Am 1:9
k 1Kn 10:11, 2Kr 9:21, Ese 27:12, Jl 3:5
l Jl 3:6
m Jes 23:9, Jer 25:17, Jer 25:22, Jer 47:4, Jl 3:8
n Spr 11:2, Spr 16:18, Ese 27:3
o Jes 14:14, Jer 8:9
p Job 40:11, Ps 73:18, Ps 147:6, Jes 14:15
q Ese 26:3
r Ese 28:2
s Ese 28:16

jy jou heiligdomme ontheilig. En ek sal 'n vuur uit jou laat uitgaan. Dit sal jou verteer.[a] En ek sal jou as op die aarde maak voor die oë van almal wat jou sien.[b] **19** Wat almal onder die volke betref wat jou ken, hulle sal jou beslis verbaas aanstaar.[c] Skielike verskrikkinge sal jy word, en tot onbepaalde tyd sal jy daar nie meer wees nie.”'”[d]

**20** En die woord van Jehovah het verder tot my gekom en gesê: **21** “Mensekind, keer jou gesig na Sidon,[e] en profeteer teen hom. **22** En jy moet sê: ‘Só het die Soewereine Heer Jehovah gesê: “Kyk, ek is teen jou,[f] o Sidon, en ek sal beslis in jou midde verheerlik word;[g] en mense sal moet weet dat ek Jehovah is wanneer ek strafgerigte in hom voltrek[h] en deur middel van hom geheilig word.[i] **23** En ek sal pes in hom stuur en bloed in sy strate.[j] En die een wat omgebring word, sal in hom val deur die swaard wat van alle kante teen hom is;[k] en mense sal moet weet dat ek Jehovah is.[l] **24** En daar sal nie meer vir die huis van Israel 'n boosaardige stekel[m] of 'n pynlike doring wees onder almal rondom hulle nie, dié wat hulle met minagting behandel; en mense sal moet weet dat ek die Soewereine Heer Jehovah is.”'

**25** “‘Só het die Soewereine Heer Jehovah gesê: “Wanneer ek die huis van Israel bymekaarmaak uit die volke waaronder hulle verstrooi is,[n] dan sal ek onder hulle geheilig word in die oë van die nasies.[o] En hulle sal beslis in hulle land woon[p] wat ek aan my kneg Jakob gegee het.[q] **26** En hulle sal in veiligheid daarin woon[r] en huise bou[s] en wingerde plant,[t] en hulle sal in veiligheid woon[u] wanneer ek strafgerigte voltrek aan almal rondom hulle wat hulle met minagting behandel;[a] en hulle sal moet weet dat ek Jehovah hulle God is.”'”

**29** In die tiende jaar, in die tiende maand, op die twaalfde dag van die maand, het die woord van Jehovah tot my gekom en gesê: **2** “Mensekind, rig jou aangesig teen Farao, die koning van Egipte,[b] en profeteer teen hom en teen die hele Egipte.[c] **3** Praat, en jy moet sê: ‘Só het die Soewereine Heer Jehovah gesê: “Kyk, ek is teen jou, o Farao, koning van Egipte,[d] die groot seemonster[e] wat in sy Nylkanale uitgestrek lê,[f] wat gesê het: ‘My Nylrivier behoort aan my, en ek—ek het dit vir my gemaak.’[g] **4** En ek sal hake in jou kakebene sit[h] en die visse van jou Nylkanale aan jou skubbe laat kleef. En ek sal jou uit jou Nylkanale optrek, saam met al die visse van jou Nylkanale wat aan jou skubbe kleef. **5** En ek sal jou aan die wildernis oorlaat, jou en al die visse van jou Nylkanale.[i] Op die oppervlak van die veld sal jy val.[j] Jy sal nie bymekaargemaak of versamel word nie. Aan die wilde diere van die aarde en aan die voëls van die hemel sal ek jou as voedsel gee.[k] **6** En al die inwoners van Egipte sal moet weet dat ek Jehovah is,[l] omdat hulle, as steun, 'n riet vir die huis van Israel was.[m] **7** Toe hulle jou met die hand gegryp het, het jy geknak,[n] en jy het 'n skeur in hulle hele skouer veroorsaak. En toe hulle op jou geleun het, het jy gebreek,[o] en jy het al hulle heupe laat wankel.”[p]

HFST. 28
a Am 1:10
b Mal 4:3
c Ese 27:35
d Ese 26:21; Ese 27:36
e Jes 23:4; Jer 25:22; Ese 32:30
f Ese 26:3
g Eks 9:16; Ese 39:13
h Ps 9:16
i Ese 20:41; Ese 36:23; Ese 38:23
j Ese 38:22
k Jer 25:33
l Ese 26:6
m Nu 33:55; Jos 23:13
n De 30:3; Ps 106:47; Jes 11:12; Jer 30:18; Ho 1:11
o Jes 5:16
p Jer 23:8; Ese 36:28
q Ge 28:13
r Jer 23:6; Ho 2:18
s Jes 65:21; Jer 31:4
t Jer 31:5; Ese 36:36; Am 9:14
u Jes 32:18; Ese 38:11

Tweede kol.
a Jer 30:16

HFST. 29
b Jer 44:30
c Jes 19:1; Jer 25:19; Jer 43:11; Ese 31:2
d Jer 46:25; Ese 31:18
e Ps 74:13; Jes 27:1; Jes 30:7; Jes 51:9
f Ese 32:2
g Jes 10:13; Ese 29:9
h 2Kn 19:28; Jes 37:29; Ese 38:4
i Eks 7:21
j Jer 16:4; Jer 25:33
k 1Sa 17:44; Jer 7:33; Jer 34:20; Ese 32:4; Ese 39:4; Op 19:18
l Eks 9:14; Ro 9:17
m 2Kn 18:21; Jes 30:3; Jes 31:3; Jes 36:6; Ese 17:17
n Jer 37:7
o Ps 118:8; Ps 146:3; Jer 17:5

p Ps 69:23; Ese 21:6.

**8** “‘Daarom, só het die Soe-
wereine Heer Jehovah gesê:
“Kyk, ek bring ’n swaard oor
jou,[a] en ek sal mens en mak dier
uit jou uitroei.[b] **9** En Egipte-
land sal ’n verlate woesteny en
’n verwoeste plek word;[c] en hul-
le sal moet weet dat ek Jeho-
vah is, omdat hy gesê het: ‘Aan
my behoort die Nylrivier, en
ek het dit gemaak.’[d] **10** Daar-
om, kyk, ek is teen jou en teen
jou Nylkanale,[e] en ek sal Egip-
teland verwoeste plekke, dor-
heid, ’n verlate woesteny maak,[f]
van Migdol[g] af tot by Siëne[h] en
tot by die grens van Etiopië.
**11** Die voet van geen mens sal
daar deurgaan nie,[i] en ook sal
die poot van geen mak dier daar
deurgaan nie,[j] en dit sal veertig
jaar lank nie bewoon word nie.[k]
**12** En ek sal Egipteland ’n ver-
late woesteny tussen verwoes-
te lande maak;[l] en sy stede sal
’n verlate woesteny tussen ver-
woeste stede word, veertig jaar
lank;[m] en ek sal die Egiptenaars
onder die nasies verstrooi en
hulle in die lande versprei.”[n]

**13** “‘Want só het die Soewe-
reine Heer Jehovah gesê: “Na
verloop van veertig jaar[o] sal ek
die Egiptenaars bymekaarmaak
uit die volke waaronder hulle
verstrooi is,[p] **14** en ek sal die
groep gevange Egiptenaars te-
rugbring; en ek sal hulle terug-
bring na die land Patros,[q] na
die land van hulle herkoms, en
daar sal hulle ’n geringe konink-
ryk word. **15** Dit sal geringer
as die ander koninkryke word
en hom nie meer oor die ander
nasies verhef nie,[r] en ek sal hul-
le so min maak dat hulle die an-
der nasies nie in onderworpen-
heid kan hou nie.[s] **16** En dit
sal nie meer die huis van Israel
se vertroue wees,[t] wat oortre-
ding in herinnering bring deur-
dat hulle omdraai agter hulle
aan nie.[a] En hulle sal moet weet
dat ek die Soewereine Heer Je-
hovah is.”’”

**17** En in die sewe-en-twintig-
ste jaar, in die eerste maand, op
die eerste dag van die maand,
het die woord van Jehovah tot
my gekom en gesê: **18** “Men-
sekind, Nebukadre′sar,[b] die ko-
ning van Babilon, het sy krygs-
mag ’n groot diens teen Tirus
laat verrig.[c] Elke kop is kaal ge-
maak en elke skouer is deurge-
skaaf.[d] Maar wat loon[e] betref,
was daar vir hom en sy krygs-
mag niks uit Tirus vir die diens
wat hy teen hom verrig het nie.

**19** “Daarom, só het die Soe-
wereine Heer Jehovah gesê:
‘Kyk, ek gee Egipteland aan Ne-
bukadre′sar, die koning van Ba-
bilon,[f] en hy sal die rykdom
daarvan wegdra en ’n groot buit
daaruit neem[g] en dit grootliks
plunder; en dit sal die loon vir
sy krygsmag word.’

**20** “‘As sy vergoeding vir
die diens wat hy daarteen ver-
rig het, het ek hom Egipteland
gegee, omdat hulle vir my opge-
tree het’,[h] is die woord van die
Soewereine Heer Jehovah.

**21** “In dié dag sal ek ’n ho-
ring vir die huis van Israel laat
uitspruit,[i] en aan jou sal ek die
geleentheid gee om die mond
in hulle midde oop te maak;[j] en
hulle sal moet weet dat ek Jeho-
vah is.”

**30** En die woord van Jeho-
vah het verder tot my ge-
kom en gesê: **2** “Mensekind,
profeteer, en jy moet sê:[k] ‘Só
het die Soewereine Heer Jeho-
vah gesê: “WEEKLAAG: ‘Ag, die
dag!’[l] **3** want ’n dag is naby, ja,
’n dag wat aan Jehovah behoort,
is naby.[m] ’n Dag van wolke,[n] ’n
vasgestelde tyd van die nasies
sal dit wees.[o] **4** En ’n swaard

**HFST. 29**
- a Jer 46:14; Ese 30:4
- b Eks 12:12; Jer 7:20
- c Jer 43:12; Ese 30:7
- d Ese 29:3
- e Eks 7:19
- f Jes 19:7; Ese 30:12
- g Eks 14:2; Jer 44:1; Jer 46:14
- h Ese 30:6
- i Ese 31:12
- j Ese 32:13
- k 2Kr 36:21
- l Ese 30:7
- m Jer 46:19
- n Ese 30:23
- o Ese 29:11
- p Jes 19:22; Jer 46:26
- q Ge 10:14; 1Kr 1:12; Ese 30:14
- r Ese 30:13
- s Ese 32:2; Da 11:42
- t Jes 30:2; Jes 36:4; Jer 2:18; Jer 37:5; Klg 4:17; Ho 7:11

**Tweede kol.**
- a Ps 79:8; Jes 64:9
- b Jer 25:9; Jer 27:6
- c Ese 26:7
- d Ese 26:17
- e Jes 62:11
- f Jer 43:10; Jer 43:12
- g Ese 32:12
- h Ese 30:9; Ese 30:10
- i 1Sa 2:10; Ps 132:17; Jer 23:5; Lu 1:69
- j Ps 51:15; Ese 3:27; Ese 24:27; Lu 21:15

**HFST. 30**
- k 2Pe 1:21
- l Jer 25:34
- m Jl 2:1; Ob 15; Sef 1:7
- n Ese 32:7; Jl 2:2
- o Ps 110:6; Jes 24:21; Sag 14:3

sal beslis in Egipte kom,[a] en
daar sal hewige pyne in Etiopië
wees wanneer die gesneuweldes
in Egipte val en hulle sy ryk-
dom neem en sy fondamente af-
gebreek word.[b] **5** Etiopië[c] en
Put[d] en Lud en die hele ge-
mengde geselskap[e] en Kub en
die kinders van die land van die
verbond—saam met hulle sal
hulle deur die swaard val.” ’[f]
**6** “Só het Jehovah gesê: ‘Die
ondersteuners van Egipte sal
ook val, en die trots van sy
sterkte sal ondergaan.’[g]
“ ‘Van Migdol[h] af tot by Sië-
ne[i] sal hulle daarin val deur
die swaard’, is die woord van
die Soewereine Heer Jehovah.
**7** ‘Hulle sal ook verwoes word
tussen verwoeste lande, en sy
stede sal tussen verwoeste ste-
de wees.[j] **8** En hulle sal moet
weet dat ek Jehovah is wan-
neer ek ’n vuur in Egipte bring
en al sy helpers verbreek word.[k]
**9** In dié dag sal boodskappers
voor my uit gaan op die skepe,
om die selfversekerde Etiopië te
laat bewe.[l] En daar sal hewige
pyne onder hulle wees in die dag
van Egipte, want kyk! dit sal
kom.’[m]
**10** “Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: ‘Ek sal ook
aan die menigte van Egipte ’n
einde maak deur die hand van
Nebukadre′sar, die koning van
Babilon.[n] **11** Hy en sy volk
saam met hom, die tiranne van
die nasies,[o] word ingebring om
die land in puin te lê. En hul-
le sal hulle swaarde teen Egipte
trek en die land met die gesneu-
weldes vul.[p] **12** En ek sal die
Nylkanale[q] droë grond maak en
die land in die hand van sleg-
te mense verkoop,[r] en ek sal
die land en sy volheid deur
die hand van vreemdelinge laat
verwoes.[s] Ek, Jehovah, het ge-
spreek.’[t]

**13** “Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: ‘Ek sal ook
die drekgode vernietig[a] en die
waardelose gode uit Nof[b] laat
verdwyn, en daar sal geen ower-
ste meer uit Egipteland wees
nie; en ek sal beslis vrees in
Egipteland bring.[c] **14** En ek
sal Patros[d] verwoes en ’n vuur
in Soan[e] bring en strafgerigte
in No[f] voltrek. **15** En ek sal
my woede uitstort[g] oor Sin, die
vesting van Egipte, en die me-
nigte van No[h] uitroei. **16** En
ek sal ’n vuur in Egipte bring.
Sin sal vir seker ineenkrimp
van pyn, en No sal vir inna-
me oopgebreek word; en wat
Nof betref—daar sal geduren-
de die dag teenstanders wees!
**17** Wat die jong manne van
On[i] en Pibe′set betref, deur die
swaard sal hulle val, en die ste-
de sal in gevangenskap gaan.
**18** En in Tehaf′nehes[j] sal die
dag donker word wanneer ek
daar die jukke van Egipte ver-
breek.[k] En daarin sal ’n ein-
de aan die trots van sy sterk-
te gemaak word.[l] Wolke sal dit
bedek,[m] en sy afhanklike dor-
pe sal in gevangenskap gaan.[n]
**19** En ek sal strafgerigte in
Egipte voltrek;[o] en hulle sal
moet weet dat ek Jehovah is.’ ”
**20** En verder het die woord
van Jehovah in die elfde jaar,
in die eerste maand, op die se-
wende dag van die maand, tot
my gekom en gesê: **21** “Men-
sekind, die arm van Farao, die
koning van Egipte, sal ek beslis
breek,[p] en kyk! dit sal glad nie
verbind word om dit gesond te
laat word deur ’n verband aan te
sit om dit te verbind,[q] sodat dit
sterk kan word om die swaard
vas te hou nie.”
**22** “Daarom, só het die Soe-
wereine Heer Jehovah gesê:
‘Kyk, ek is teen Farao, die ko-
ning van Egipte,[r] en ek sal sy

HFST. 30
a Jes 19:2
b Jes 19:16; Ese 32:12
c Sef 2:12
d Na 3:9
e Jer 25:24; Ese 27:10
f Jer 44:27
g Jes 20:5; Jes 31:3; Ese 30:18
h Eks 14:2; Jer 44:1; Jer 46:14
i Ese 29:10
j Jer 46:19; Ese 29:12; Ese 32:18
k Ese 30:6
l Jes 20:4
m Jes 55:11; Ese 33:33
n Ese 29:19; Ese 32:11
o Ese 28:7; Hab 1:6
p Jes 34:3; Ese 29:5
q Jes 19:6; Ese 29:3
r Jes 19:4
s Ese 31:12
t Jes 46:10

Tweede kol.
a Jes 19:1; Jer 43:12; Sag 13:2
b Jer 44:1; Jer 46:14
c Jes 19:16; Jer 46:5
d Ge 10:14; 1Kr 1:12; Jer 44:1
e Nu 13:22; Ps 78:12
f Jer 46:25
g Na 1:6
h Jer 46:25
i Jer 43:13
j Jer 2:16
k Ese 30:8
l Jer 46:20; Ese 31:18
m Jes 19:1
n Jer 46:19
o Ps 9:16
p Ps 10:15
q Jer 46:11
r Jer 46:25; Ese 29:3

arms breek,[a] die sterk een en
die gebreekte een,[b] en ek sal
die swaard uit sy hand laat
val.[c] **23** En ek sal die Egipte-
naars onder die nasies verstrooi
en hulle in die lande versprei.[d]
**24** En ek sal die arms van die
koning van Babilon versterk[e]
en my swaard in sy hand gee,[f]
en ek sal die arms van Farao
breek, en soos ’n dodelik ge-
wonde sal hy beslis baie voor
hom kreun.[g] **25** En ek sal die
arms van die koning van Babi-
lon versterk, en die arms van
Farao sal val; en hulle sal moet
weet dat ek Jehovah is wan-
neer ek my swaard in die hand
van die koning van Babilon gee
en hy dit teen Egipteland uit-
strek.[h] **26** En ek sal die Egip-
tenaars onder die nasies ver-
strooi[i] en hulle in die lande
versprei; en hulle sal moet weet
dat ek Jehovah is.’ ”

**31** En verder het die woord
van Jehovah in die elfde
jaar, in die derde maand, op die
eerste dag van die maand, tot
my gekom en gesê: **2** “Mense-
kind, sê vir Farao, die koning
van Egipte, en vir sy menigte:[j]

“ ‘Soos wie het jy in jou groot-
heid geword? **3** Kyk! ’n Assi-
riër, ’n seder op die Li′banon,[k]
met mooi takke[l] en digte bla-
re wat skaduwee bied, en wat
hoog gegroei het,[m] sodat sy top
tussen die wolke was.[n] **4** Wa-
ters het hom groot laat word;[o]
die waterdiepte het hom hoog
laat groei. Dit het met sy stro-
me rondom die plek gegaan
waar hy geplant was; en dit het
sy kanale na al die bome van
die veld uitgestuur. **5** Daar-
om het hy hoër as al die ander
bome van die veld gegroei.[p]

“ ‘En sy takke het al hoe
meer geword, en sy sytakke
het al hoe langer geword weens
die baie water in sy waterlope.[a]
**6** Op sy takke het al die voëls
van die hemel nes gemaak,[b] en
onder sy sytakke het al die wil-
de diere van die veld geboor-
te gegee,[c] en in sy skaduwee
het al die groot nasies gewoon.
**7** En hy het mooi geword in sy
grootheid,[d] in die lengte van sy
blaarryke takke, want sy wor-
telstelsel was oor baie waters.
**8** Ander seders was geensins sy
gelyke in die tuin van God[e] nie.
Wat die jenewerbome betref,
hulle het geen ooreenkoms ge-
toon met sy takke nie. En die
plataanbome het nie sytakke
soos hy gehad nie. Geen ander
boom in die tuin van God was
soos hy wat sy skoonheid be-
tref nie.[f] **9** Ek het hom mooi
gemaak in die oorvloed van sy
blare,[g] en al die ander bome
van Eden wat in die tuin van
die ware God was, was voortdu-
rend afgunstig op hom.’[h]

**10** “Daarom, só het die Soe-
wereine Heer Jehovah gesê:
‘Omdat jy hoog gegroei het, so-
dat hy sy top selfs tussen die
wolke gesteek het[i] en sy hart
hom weens sy hoogte verhef
het,[j] **11** sal ek hom ook in die
hand van die despoot van die
nasies gee.[k] Dié sal vir seker
teen hom optree. Ooreenkom-
stig sy goddeloosheid sal ek
hom verdryf.[l] **12** En vreem-
delinge, die tiranne van die na-
sies, sal hom afkap, en mense
sal hom op die berge laat lê; en
in al die valleie sal sy blare be-
slis val, en sy takke sal by al die
stroombeddings van die aar-
de gebreek word.[m] En al die
volke van die aarde sal onder
sy skaduwee uitkom en hom
daar laat lê.[n] **13** Op sy omge-
valle stam sal al die voëls van
die hemel woon, en op sy tak-
ke sal al die wilde diere van die

**HFST. 30**
a Ps 37:17
b 2Kn 24:7; Jer 46:2
c Jer 46:21
d Ese 29:12
e Jer 27:6
f De 32:41; Ps 17:13; Ese 32:11
g Jer 51:52
h Eks 7:5; Ps 9:16; Ese 29:12; Ese 29:19; Ese 29:20
i Ese 29:12

**HFST. 31**
j Jer 46:2; Ese 29:2
k Ps 80:10; Jes 37:24; Ese 17:3
l Jes 10:33
m Da 4:10
n Ese 17:22
o Ese 17:5
p Ps 37:35

**Tweede kol.**
a Da 4:12
b Ps 84:3
c Ese 17:23; Da 4:21
d Da 4:22; Am 2:9
e Ge 2:8; Ge 13:10; Ps 80:10; Ese 28:13
f Ps 37:35
g Da 4:21
h Spr 28:22
i Mt 23:12
j Jer 50:31; Ese 28:17; Da 4:30
k Ese 30:11; Hab 1:6
l De 18:12
m Ese 32:5
n Da 4:14

veld beslis wees;[a] **14** sodat nie
een van die bome wat by water
staan, hoog sal groei of sy top
selfs tussen die wolke sal steek
nie, en sodat nie een wat water
drink, teen hulle sal opstaan in
sy hoogheid nie, want hulle sal
beslis almal aan die dood oor-
gegee word,[b] aan die land daar
onder,[c] te midde van die mense-
kinders, aan dié wat na die kuil
afdaal.'

**15** "Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: 'Op die dag
dat hy na Sjeool afdaal, sal ek
beslis 'n getreur[d] veroorsaak.
Weens hom sal ek die water-
diepte bedek, sodat ek sy stro-
me kan terughou en sodat die
baie waters teëgehou kan word;
en weens hom sal ek die Li′ba-
non laat donker word, en weens
hom sal al die bome van die veld
flou val. **16** By die geluid van
sy ondergang sal ek nasies be-
slis laat bewe wanneer ek hom
na Sjeool laat afdaal saam met
dié wat in die kuil afdaal,[e] en
in die land daar onder sal al die
bome van Eden,[f] die keurigstes
en die bestes van die Li′banon,
almal wat water drink, vertroos
word.[g] **17** Hulle het ook saam
met hom na Sjeool afgedaal,[h]
na dié wat deur die swaard om-
gebring is en dié wat as sy saad
onder die nasies in sy skaduwee
gewoon het.'[i]

**18** "'Soos wie het jy dan in
heerlikheid[j] en grootheid ge-
word onder die bome van
Eden?[k] Maar jy sal beslis saam
met die bome van Eden na die
land daar onder afgebring
word.[l] Tussen die onbesnede-
nes sal jy gaan lê, saam met dié
wat deur die swaard omgebring
is. Dit is Farao en sy hele me-
nigte', is die woord van die Soe-
wereine Heer Jehovah."

# 32

En verder het die woord
van Jehovah in die twaalf-
de jaar, in die twaalfde maand,
op die eerste dag van die maand,
tot my gekom en gesê: **2** "Men-
sekind, hef 'n klaaglied aan oor
Farao, die koning van Egipte,
en jy moet vir hom sê: 'As 'n
jong maanhaarleeu van die na-
sies is jy tot swye gebring.[a]

"'En jy was soos die seemon-
ster in die seë,[b] en jy het voort-
durend 'n gebruis in jou rivie-
re veroorsaak en die waters met
jou pote vertroebel en hulle ri-
viere vuil gemaak.'

**3** "Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: 'Ek sal ook
my net oor jou uitsprei[c] deur
middel van 'n versameling van
baie volke, en hulle sal jou beslis
in my sleepnet bring.[d] **4** En
ek sal jou op die land laat lê. Op
die oppervlak van die veld sal
ek jou slinger.[e] En ek sal al die
voëls van die hemel op jou laat
woon, en die wilde diere van die
hele aarde sal ek met jou versa-
dig.[f] **5** En ek sal jou vlees op
die berge sit en die valleie met
jou afval vul.[g] **6** En ek sal
die land laat drink wat uit jou
vloei, jou bloed,[h] op die berge;
en stroombeddings sal vol word
van jou.'

**7** "'En wanneer jy uitgeblus
word, sal ek die hemel bedek en
sy sterre donker laat word. Wat
die son betref, met wolke sal ek
dit bedek, en die maan sal sy
lig nie laat skyn nie.[i] **8** Al die
skynende ligte aan die hemel
—ek sal hulle weens jou donker
laat word, en ek sal duisternis
oor jou land bring', is die woord
van die Soewereine Heer Jeho-
vah.

**9** "'En ek sal die hart van
baie volke aanstoot gee wan-
neer ek jou gevangenes onder
die nasies bring, na lande wat jy

**HFST. 31**
a Jes 18:6; Ese 29:5; Ese 32:4
b Ps 82:7
c Ps 63:9; Ese 32:18
d Op 18:9
e Jes 14:15
f Jes 14:8; Ese 31:9
g Ese 32:31
h Ese 32:21
i Klg 4:20; Ese 30:6; Ese 32:31
j Ese 32:19
k Ese 31:9
l 1Sa 2:7

Tweede kol.

**HFST. 32**
a Spr 28:15
b Jes 27:1; Jes 51:9; Ese 29:3
c Ps 66:11
d Pr 9:12; Ho 7:12; Hab 1:17
e Ese 29:5
f Ps 63:10; Ps 79:2; Ese 29:5; Ese 39:17
g Ese 31:12
h Op 14:20
i Jes 13:10; Jl 2:31; Am 8:9; Mt 24:29; Op 6:12

nie geken het nie.[a] **10** En ek
sal baie volke beslis oor jou ver-
skrik laat staan,[b] en hulle ko-
nings sal oor jou sidder van af-
gryse wanneer ek my swaard in
hulle gesig swaai,[c] en hulle sal
elke oomblik moet bewe, elkeen
vir sy siel, op die dag van jou on-
dergang.'[d]
**11** "Want só het die Soewe-
reine Heer Jehovah gesê: 'Die
swaard van die koning van Ba-
bilon sal oor jou kom.[e] **12** Ek
sal jou menigte laat val deur die
swaarde van sterkes, die tiran-
ne van die nasies, hulle almal;[f]
en hulle sal die trots van Egipte
plunder, en sy hele menigte sal
verdelg word.[g] **13** En ek sal al
sy mak diere langs baie waters
vernietig,[h] en die voet van die
mens sal dit nie meer vertroebel
nie,[i] en ook sal selfs die hoewe
van 'n mak dier dit nie vertroe-
bel nie.'
**14** "'In dié tyd sal ek hulle
waters helder laat word, en hul-
le riviere sal ek net soos olie
laat vloei', is die woord van die
Soewereine Heer Jehovah.
**15** "'Wanneer ek Egipteland
'n verlate woesteny maak en die
land van sy volheid gestroop
is,[j] wanneer ek al die inwoners
daarin doodmaak, dan sal hulle
moet weet dat ek Jehovah is.[k]
**16** "'Dit is 'n klaaglied, en
mense sal dit beslis sing. Ja, die
dogters van die nasies sal dit
sing; oor Egipte en oor sy hele
menigte sal hulle dit sing',[l] is
die woord van die Soewereine
Heer Jehovah."
**17** En verder het die woord
van Jehovah in die twaalfde
jaar, op die vyftiende dag van
die maand, tot my gekom en ge-
sê: **18** "Mensekind, weeklaag
oor die menigte van Egipte en
laat dit afdaal,[m] hy en die dog-
ters van majestueuse nasies, na
die land daar onder,[a] saam met
dié wat in die kuil afdaal.[b]
**19** "'In vergelyking met wie
is jy liefliker?[c] Daal af, en jy
sal by die onbesnedenes neerge-
lê word!'[d]
**20** "'Onder dié wat deur die
swaard omgebring is, sal hulle
val.[e] Aan 'n swaard is hy oorge-
gee. SLEEP hom en al sy menig-
tes weg.
**21** "'Die vernaamste manne
van die sterkes sal hom, met sy
helpers, uit Sjeool toespreek.[f]
Hulle sal beslis afdaal;[g] hulle
sal as die onbesnedenes gaan lê,
wat deur die swaard omgebring
is. **22** Assi′rië en sy hele ver-
gadering is daar.[h] Sy grafte
is rondom hom. Hulle is al-
mal omgebring, hulle het deur
die swaard geval.[i] **23** Want sy
grafte is in die diepste dele van
'n kuil[j] geplaas, en sy vergade-
ring is rondom sy graf, hulle is
almal omgebring, het deur die
swaard geval, omdat hulle ver-
skrikking in die land van die le-
wendes verwek het.
**24** "'Daar is Elam[k] en sy hele
menigte rondom sy graf, hul-
le is almal omgebring, dié wat
deur die swaard geval het, wat
onbesnede na die land daar on-
der afgedaal het, dié wat hulle
verskrikking in die land van die
lewendes verwek het; en hulle
sal hulle vernedering dra saam
met dié wat in die kuil afdaal.[l]
**25** Onder dié wat omgebring is,
het hulle vir hom 'n bed[m] tussen
sy hele menigte gesit. Sy graf-
te is daar rondom. Hulle is almal
onbesnede, deur die swaard om-
gebring,[n] omdat hulle verskrik-
king in die land van die lewen-
des verwek is; en hulle sal hulle
vernedering dra saam met dié
wat in die kuil afdaal. Onder dié
wat omgebring is, is hy neer-
gelê.

**HFST. 32**
a Ese 29:12, Ese 30:26
b Ese 27:35
c De 32:41
d Eks 15:14
e Jer 43:10, Jer 46:26, Ese 30:24
f Ese 30:11, Hab 1:6
g Ese 29:19
h Ese 29:8, Ese 30:12
i Ese 29:11
j Ps 107:34, Ese 29:12
k Eks 7:5, Eks 14:4, Ps 9:16, Ese 30:26
l 2Sa 1:17, 2Kr 35:25
m Jer 1:10

**Tweede kol.**
a Ps 63:9, Ese 31:14
b Ps 30:9
c Ese 31:2
d Ese 28:10
e Ese 29:8
f Jes 14:9
g Ps 9:17, Ps 55:15
h Nu 24:24
i Jes 37:36, Sag 10:11
j Jes 14:15
k Ge 10:22, Jer 49:34
l Ese 32:29
m Job 17:13
n 2Sa 1:19

**26** “‘Daar is Meseg[a] en Tu-
bal[b] en sy hele menigte. Sy graf-
te is rondom hom. Hulle is al-
mal onbesnede, met die swaard
deurboor, omdat hulle hulle ver-
skrikking in die land van die le-
wendes verwek het. **27** En sal
hulle nie by sterk manne gaan
lê,[c] wat onder die onbesnede-
nes geval het, wat met hulle
oorlogswapens na Sjeool afge-
daal het nie? En hulle sal hul-
le swaarde onder hulle koppe
sit, en hulle oortredings sal
oor hulle gebeente kom,[d] omdat
sterk manne ’n verskrikking in
die land van die lewendes was.[e]
**28** En wat jou betref, onder die
onbesnedenes sal jy verbreek
word, en jy sal by dié gaan
lê wat deur die swaard omge-
bring is.

**29** “‘Daar is Edom,[f] sy ko-
nings en al sy owerstes, wat in
hulle mag by dié gesit is wat
deur die swaard omgebring is;[g]
hulle sal by die onbesnedenes[h]
gaan lê en by dié wat in die kuil
afdaal.

**30** “‘Die hertoë van die noor-
de is daar, hulle almal, en al
die Sidoniërs,[i] wat afgedaal het
saam met dié wat omgebring is,
in hulle verskriklikheid weens
hulle mag, beskaamd. En hulle
sal onbesnede gaan lê by dié wat
deur die swaard omgebring is en
sal hulle vernedering dra saam
met dié wat in die kuil afdaal.[j]

**31** “‘Farao sal húlle sien, en
hy sal hom beslis oor sy hele me-
nigte troos.[k] Farao en sy hele
krygsmag sal mense wees wat
deur die swaard omgebring is’,
is die woord van die Soewereine
Heer Jehovah.

**32** “‘Want hy het sy ver-
skrikking in die land van die
lewendes verwek,[l] en hy sal
onder die onbesnedenes neer-
gelê word, by dié wat deur die
swaard omgebring is, ja, Farao
en sy hele menigte’, is die woord
van die Soewereine Heer Jeho-
vah.”

**33** En die woord van Jeho-
vah het tot my gekom
en gesê: **2** “Mensekind, praat
met die kinders van jou volk,[a]
en jy moet vir hulle sê:

“‘Wat ’n land betref, as ek
’n swaard daaroor bring[b] en
die volk van die land, hulle al-
mal, ’n man neem en hom as
hulle wag[c] aanstel, **3** en hy
die swaard oor die land sien
kom en op die horing blaas en
die volk waarsku,[d] **4** en die
hoorder die geluid van die ho-
ring hoor maar hom glad nie
laat waarsku nie,[e] en ’n swaard
kom en neem hom weg, dan sal
sy bloed op sy eie hoof wees.[f]
**5** Die geluid van die horing het
hy gehoor, maar hy het hom nie
laat waarsku nie. Sy bloed sal
op hom wees. En as hy hom laat
waarsku het, sou sy siel ontkom
het.[g]

**6** “‘En wat die wag betref, as
hy die swaard sien kom en nie
op die horing blaas nie[h] en die
volk hoegenaamd geen waar-
skuwing kry nie, en ’n swaard
kom en neem ’n siel uit hul-
le weg, dan sal dié weens sy eie
oortreding weggeneem word,[i]
maar sy bloed sal ek van die
hand van die wag terugeis.’[j]

**7** “En wat jou betref, o men-
sekind, ’n wag het ek jou vir
die huis van Israel gemaak,[k]
en uit my mond moet jy die
woord hoor en hulle namens my
waarsku.[l] **8** Wanneer ek vir
’n goddelose sê: ‘O goddelose,
jy sal sekerlik sterf!’[m] maar jy
praat nie om die goddelose teen
sy weg te waarsku nie,[n] dan sal
hy as ’n goddelose in sy eie oor-
treding sterf,[o] maar sy bloed
sal ek van jou hand terugeis.
**9** Maar as jy ’n goddelose teen

HFST. 32
a Ge 10:2; Ese 27:13; Ese 38:2
b 1Kr 1:5; Ese 39:1
c Job 3:14; Jes 14:18
d Ps 92:9; Joh 8:24
e Ese 32:23
f Ge 25:30; Ge 36:1; Jes 34:5; Ese 25:12; Am 1:11; Ob 1; Mal 1:4
g Jer 25:31
h Jer 9:26
i Ge 10:15; Ese 28:21
j Ese 32:24
k Ese 31:16
l Ese 32:27

Tweede kol.

HFST. 33
a Ese 3:11
b Le 26:25; Jer 25:31; Ese 6:3; Ese 14:17; Ese 21:9
c 2Sa 18:24; 2Kn 9:17; Jes 21:8; Jer 51:12; Ho 9:8
d Ne 4:18; Jes 58:1; Jer 4:5; Ho 8:1
e 2Kr 25:16; Spr 29:1; Jer 6:17; Sag 1:4
f Le 20:9; 1Kn 2:37; Ese 3:19; Han 18:6; Han 20:26
g 2Kn 6:10; Heb 11:7
h Jes 56:10
i Ese 18:24
j Ge 42:22; Ese 3:18
k Jes 62:6; Ese 3:17
l 2Kr 19:10; Jer 1:17
m Jes 3:11; Ese 18:4
n Spr 24:12; Ese 13:9
o Nu 27:3; Spr 11:21; Pr 8:13

sy weg waarsku, dat hy hom
daarvan moet afkeer, maar hy
hom nie van sy weg afkeer nie,
dan sal hy in sy eie oortreding
sterf,[a] terwyl jy beslis jou siel
sal verlos.[b]
**10** “En wat jou betref, o men-
sekind, sê vir die huis van Is-
rael: ‘Só het julle gesê: “Om-
dat ons opstandige dade en ons
sondes op ons is en ons daar-
in verrot[c]—hoe sal ons dan bly
lewe?” ’[d] **11** Sê vir hulle: ‘ “So
waar as ek lewe”, is die woord
van die Soewereine Heer Je-
hovah, “ek skep geen behae in
die dood van die goddelose nie,[e]
maar daarin dat ’n goddelose
hom van sy weg afkeer[f] en bly
lewe.[g] Keer julle af, keer jul-
le af van julle slegte weë,[h] want
waarom sou julle sterf, o huis
van Israel?” ’[i]
**12** “En wat jou betref, o men-
sekind, sê vir die kinders van
jou volk: ‘Die regverdig-
heid van die regverdige op sig-
self sal hom nie op die dag
van sy opstandigheid verlos
nie.[j] Maar wat die goddeloos-
heid van die goddelose betref,
hy sal nie daardeur struikel in
die dag dat hy hom van sy god-
deloosheid afkeer nie.[k] Ook sal
enigiemand wat regverdigheid
besit, nie daardeur kan bly lewe
in die dag dat hy sondig nie.[l]
**13** Wanneer ek vir die regver-
dige sê: “Jy sal sekerlik bly le-
we”, en hy op sy regverdig-
heid vertrou en onreg doen,[m]
sal daar aan al sy regverdige
dade nie gedink word nie, maar
vir sy onreg wat hy gedoen het
—daarvoor sal hy sterf.[n]
**14** “ ‘En wanneer ek vir die
goddelose sê: “Jy sal sekerlik
sterf”,[o] en hy hom van sy sonde
afkeer[p] en geregtigheid en reg-
verdigheid beoefen,[q] **15** en
die goddelose die pand terug-
gee,[a] terugbetaal wat geroof is[b]
en in die insettinge van die lewe
wandel deur geen onreg te doen
nie,[c] sal hy sekerlik bly lewe.[d]
Hy sal nie sterf nie. **16** Nie
een van sy sondes waarmee hy
gesondig het, sal teen hom in
herinnering gebring word nie.[e]
Geregtigheid en regverdigheid
het hy beoefen. Hy sal sekerlik
bly lewe.’[f]
**17** “En die kinders van jou
volk het gesê: ‘Die weg van Je-
hovah is nie regverdig nie’,[g]
maar dit is hulle weg wat nie
regverdig is nie.
**18** “Wanneer ’n regverdige
hom van sy regverdigheid af-
keer en onreg doen, dan sal hy
daarvoor sterf.[h] **19** En wan-
neer ’n goddelose hom van sy
goddeloosheid afkeer en gereg-
tigheid en regverdigheid be-
oefen, sal hy as gevolg daarvan
bly lewe.[i]
**20** “En julle het gesê: ‘Die
weg van Jehovah is nie regver-
dig nie.’[j] Ek sal julle oordeel,
elkeen volgens sy weë,[k] o huis
van Israel.”
**21** Eindelik, in die twaalfde
jaar, in die tiende maand, op die
vyfde dag van die maand van
ons ballingskap, het die een wat
uit Jerusalem ontkom het, na
my toe gekom[l] en gesê: “Die
stad is verslaan!”[m]
**22** En die hand van Jehovah
het op my gekom die aand voor
die koms van die een wat ont-
kom het,[n] en Hy het my mond
geopen voordat hy die oggend
by my gekom het, en my mond
is geopen en ek was nie meer
stom nie.[o]
**23** En die woord van Jeho-
vah het tot my gekom en gesê:
**24** “Mensekind, die bewoners
van hierdie verwoeste plek-
ke[p] sê van die land van Israel:
‘Abraham was net een, en tog

**HFST. 33**
a Spr 15:10
b Ese 3:19; Han 18:6
c Le 26:39; Jes 64:6; Ese 24:23
d Ese 37:11
e 2Sa 14:14; Ese 18:23; Lu 15:10; 1Ti 2:4
f Jes 31:6
g Ps 130:7
h Spr 1:23; Jes 55:7; Jer 3:22; Jer 25:5; Ese 14:6; Ho 14:1; Han 3:19
i Ese 18:31; 2Pe 3:9
j Ese 3:20; Ese 18:24
k 1Kn 8:48; 2Kr 7:14; Ese 18:21
l Ese 18:26
m Ese 3:20; Ese 18:24; 2Pe 2:20
n Jer 18:10; Ese 18:4
o Jes 3:11; Ese 3:18; Lu 13:3
p Spr 28:13; Jes 55:7; Han 3:19
q Ese 18:21; Mi 6:8

**Tweede kol.**
a Eks 22:26; Ese 18:7
b Le 6:2; Ese 22:29
c Le 18:5; Le 19:15
d Ese 18:27
e Jes 1:18
f Ese 20:11
g Job 34:10; Job 40:8; Ps 92:15; Ro 3:4
h Heb 10:38; 2Pe 2:20
i Ese 18:27
j Spr 19:3; Jes 55:8; Jes 55:9; Ese 18:25; Ese 18:29
k Ge 18:25; Ps 62:12; Spr 24:12; Ro 2:6
l Ese 24:26
m 2Kn 25:4; 2Kr 36:17; Jer 39:2
n Ese 3:22
o Ese 3:26
p Jer 39:10; Ese 36:4

het hy die land in besit ge-
neem.[a] En ons is baie; aan ons is
die land as 'n besitting gegee.'[b]
**25** "Daarom, sê vir hulle: 'Só
het die Soewereine Heer Jeho-
vah gesê: "Julle bly die bloed
ook eet,[c] en julle bly julle oë na
julle drekgode opslaan,[d] en jul-
le bly bloed vergiet.[e] Moet jul-
le dan die land besit?[f] **26** Julle
het op julle swaard staatge-
maak.[g] Julle het iets verfoeiliks
gedoen,[h] en julle het elkeen die
vrou van sy metgesel verontrei-
nig.[i] Moet julle dan die land be-
sit?" '[j]
**27** "Só moet jy vir hulle sê:
'Só het die Soewereine Heer Je-
hovah gesê: "So waar as ek lewe,
dié wat in die verwoeste plek-
ke is, sal gewis deur die swaard
val;[k] en die een wat op die op-
pervlak van die veld is, sal
ek beslis aan die wilde diere
as voedsel gee;[l] en dié wat in
die versterkte plekke en in die
grotte[m] is, sal deur die pes sterf.
**28** En ek sal die land 'n ver-
late woesteny maak,[n] ja, 'n ver-
woesting, en aan die trots van
sy sterkte sal 'n einde gemaak
word[o] en die berge van Israel sal
verwoes word,[p] sonder dat
iemand daar deurtrek. **29** En
hulle sal moet weet dat ek Je-
hovah is wanneer ek die land 'n
verlate woesteny maak,[q] ja, 'n
verwoesting, weens al hulle ver-
foeilike dinge wat hulle gedoen
het." '[r]
**30** "En wat jou betref, o men-
sekind, die kinders van jou volk
praat met mekaar oor jou langs
die mure en in die ingange van
die huise,[s] en die een het met
die ander gepraat, elkeen met
sy broer, en gesê: 'KOM asseblief
en hoor wat die woord is wat
van Jehovah uitgaan.'[t] **31** En
hulle sal na jou toe kom, soos
mense kom, en as my volk voor
jou sit;[a] en hulle sal beslis jou
woorde hoor, maar hulle sal dit
nie doen nie,[b] want met hulle
mond uiter hulle wellustige be-
geertes en hulle hart gaan ag-
ter hulle onregverdige wins
aan.[c] **32** En kyk! jy is vir hul-
le soos 'n lied van sinlike liefdes,
soos iemand met 'n mooi stem
en wat goed op 'n snaarinstru-
ment speel.[d] En hulle sal beslis
jou woorde hoor, maar niemand
doen dit nie.[e] **33** En wanneer
dit bewaarheid word—kyk! dit
sal bewaarheid word[f]—dan sal
hulle moet weet dat daar 'n pro-
feet in hulle midde was."[g]

**34** En die woord van Jeho-
vah het verder tot my ge-
kom en gesê: **2** "Mensekind,
profeteer teen die herders van
Israel. Profeteer, en jy moet vir
hulle, vir die herders, sê: 'Só
het die Soewereine Heer Jeho-
vah gesê: "Wee die herders van
Israel,[h] wat hulleself voed![i] Be-
hoort die herders nie die kud-
de te laat wei nie?[j] **3** Julle eet
die vet[k] en klee julle met die
wol. Julle slag[l] die vet[m] dier. Jul-
le laat die kudde nie wei nie.
**4** Die swakkes het julle nie ver-
sterk nie,[n] en die sieke het jul-
le nie gesond gemaak nie, en die
een wat gewond is, het julle nie
verbind nie, en die een wat weg-
gedryf is, het julle nie terugge-
bring nie, en die een wat verlo-
re is, het julle nie probeer vind
nie,[o] maar met strengheid het
julle hulle in onderworpenheid
gehad, ja, met tirannie.[p] **5** En
hulle is geleidelik verstrooi om-
dat daar geen herder was nie,[q]
sodat hulle vir al die wilde die-
re van die veld voedsel geword
het, en hulle is voortdurend ver-
strooi.[r] **6** My skape het op al

**HFST. 33**
a Ge 12:7; Jes 51:2; Han 7:5
b Mi 3:11; Mt 3:9; Joh 8:39
c Ge 9:4; Le 17:12; De 12:16; 1Sa 14:32; Han 15:29
d Ese 18:6
e Ese 22:6
f Jer 7:10; Jer 44:22
g Mi 2:1
h Jer 17:5; Sef 3:3
i Jer 5:8; Heb 13:4
j De 4:26; Jos 23:15
k Jer 15:2; Jer 42:22; Ese 5:12
l Ese 39:4; Op 19:18
m Rig 6:2; 1Sa 13:6
n 2Kr 36:21; Jes 6:11; Jer 9:11; Jer 44:2; Ese 36:34; Mi 7:13
o Ese 24:21
p Ese 6:3
q Ps 9:16; Jer 9:11; Jer 25:11; Jer 32:43
r 2Kn 17:9; 2Kr 36:14
s Jer 11:19; Jer 18:18
t Mt 15:8

**Tweede kol.**
a Ese 8:1; Ese 20:1
b Jes 29:13; Jer 6:16; Jer 44:17; Mt 7:21; Lu 6:49
c Mt 6:24
d Mr 6:20
e Jak 1:22
f Jos 23:14; Jes 55:11
g 2Kn 5:8; Ese 2:5

**HFST. 34**
h Jer 23:1; Mi 3:1; Mi 3:11; Sef 3:3; Sag 11:17; Mt 23:13
i Jud 12
j Jes 40:11; Joh 21:15
k Jes 56:11
l 2Kn 21:16; Jer 22:17; Mi 3:3; Sag 11:5
m Ese 34:20

n Sag 11:16; Mt 9:36; o Mt 10:6; Lu 15:4; p Jer 22:13; q 1Kn 22:17; Jer 23:2; Jer 50:6; Mt 9:36; Mr 6:34; r Jes 56:9; Jer 23:1.

die berge en op elke hoë heu-
wel bly ronddwaal;[a] en oor die
hele oppervlak van die aarde is
my skape[b] verstrooi, sonder dat
iemand hulle gesoek het en son-
der dat iemand hulle probeer
vind het.
**7** "'"Daarom, o herders, hoor
die woord van Jehovah: **8** '"So
waar as ek lewe", is die woord
van die Soewereine Heer Jeho-
vah, "waarlik, omdat my ska-
pe iets geword het om te plun-
der en my skape vir al die
wilde diere van die veld voed-
sel gebly het, omdat daar geen
herder was nie, en my herders
my skape nie gesoek het nie,
maar die herders hulleself bly
voed het[c] en my skape nie laat
wei het nie"', **9** daarom, o her-
ders, hoor die woord van Jeho-
vah. **10** Só het die Soewerei-
ne Heer Jehovah gesê: 'Kyk, ek
is teen die herders,[d] en ek sal
beslis my skape van hulle hand
terugeis en maak dat hulle nie
meer my skape laat wei nie,[e] en
die herders sal nie meer hulle-
self voed nie;[f] en ek sal my ska-
pe uit hulle mond bevry, en hul-
le sal nie vir hulle voedsel word
nie.'"[g]
**11** "'Want só het die Soe-
wereine Heer Jehovah gesê:
"Hier is ek, ja ek, en ek sal my
skape soek en vir hulle sorg.[h]
**12** Soos iemand vir sy kudde
sorg wat hy laat wei[i] op die dag
dat hy onder sy skape kom wat
oral versprei is,[j] so sal ek vir
my skape sorg; en ek sal hul-
le verlos uit al die plekke waar-
heen hulle op die dag van wol-
ke en dik donkerheid[k] verstrooi
is. **13** En ek sal hulle uit die
volke uitlei[l] en hulle uit die lan-
de bymekaarmaak en hulle in
hulle land bring[m] en hulle op
die berge van Israel laat wei,
by die stroombeddings en by al
die woonplekke van die land.[n]

**HFST. 34**
a Ese 7:16
b Ps 23:1
c Jud 12
d Ese 13:8; Sag 10:3
e Jer 52:24; Jer 52:27
f 1Sa 2:29
g Ps 72:12
h Ps 80:1; Jes 56:8
i 1Sa 17:35
j Jes 40:11
k Ese 30:3; Jl 2:2; Sef 1:15
l 1Pe 2:25
m Ps 106:47; Jes 65:9; Jer 23:3; Jer 30:3; Ese 11:17; Ese 28:25; Am 9:14
n Mi 7:14

**Tweede kol.**
a Ps 23:2; Jes 25:6; Jes 30:23; Jer 31:12
b Jer 33:12
c Ps 23:1; Jer 3:15
d Sef 3:13
e Mi 4:6; Mt 15:24; Lu 15:4
f De 32:15; Jes 10:16; Am 4:1
g Jes 49:26; Jer 9:15
h Jes 34:6; Jer 51:40; Sag 10:3; Mt 25:33
i Mi 2:2
j Sag 11:5; Sag 11:16; Lu 13:14
k Ps 72:12; Jes 40:11; Jer 23:3; Sag 11:7
l Pr 12:11; Jer 23:4; Joh 10:11; Heb 13:20; 1Pe 5:4; Op 7:17

**14** Op 'n goeie weiveld sal ek
hulle laat wei, en op Israel se
hoë berge sal hulle woonplek
wees.[a] Daar sal hulle in 'n goeie
woonplek gaan lê,[b] en op 'n vet
weiveld sal hulle op die berge
van Israel wei."
**15** "'"Ek sal my skape laat
wei,[c] en ek sal hulle laat lê",[d]
is die woord van die Soewerei-
ne Heer Jehovah. **16** "Die een
wat verlore is, sal ek soek[e] en
die een wat weggedryf is, sal ek
terugbring en die een wat ge-
wond is, sal ek verbind en die
sieke sal ek versterk, maar die
vette[f] en die sterke sal ek ver-
delg. Ek sal hom met oordeel
voed."[g]
**17** "'En wat julle, my ska-
pe, betref, só het die Soewe-
reine Heer Jehovah gesê: "Kyk,
ek oordeel tussen 'n skaap en
'n skaap, tussen die ramme en
die bokramme.[h] **18** Is dit vir
julle so 'n kleinigheid dat julle
op die allerbeste weiveld wei,[i]
maar die res van julle weivelde
met julle pote vertrap, en dat
julle die helder waters drink,
maar wat oorbly, deur die ge-
stamp van julle pote vuil maak?
**19** En moet my skape op die
weigrond wei wat met julle pote
vertrap is en die water drink
wat deur die gestamp van julle
pote vuil gemaak is?"
**20** "'Daarom, só het die Soe-
wereine Heer Jehovah vir hul-
le gesê: "Hier is ek, ja ek, en ek
sal beslis tussen 'n vet skaap en
'n maer skaap oordeel, **21** om-
dat julle al die swakkes met die
sy en met die skouer bly weg-
druk het en met julle horings
bly stoot het totdat julle hulle
na buite verstrooi het.[j] **22** En
ek sal my skape red, en hul-
le sal nie meer iets word om
te plunder nie;[k] en ek sal tus-
sen 'n skaap en 'n skaap oor-
deel. **23** En ek sal een herder[l]

oor hulle verwek, en hy sal hul-
le laat wei, ja, my kneg Dawid.[a]
Hy sal hulle laat wei, en hy sal
hulle herder word.[b] **24** En ek,
Jehovah, sal hulle God word,[c] en
my kneg Dawid 'n owerste in
hulle midde.[d] Ek, Jehovah, het
gespreek.

**25** "'"En ek sal 'n vredesver-
bond met hulle sluit,[e] en ek sal
beslis die gevaarlike wilde die-
re uit die land laat verdwyn,[f]
en hulle sal in veiligheid in die
wildernis woon en in die woude
slaap.[g] **26** En ek sal hulle en
die omgewing van my heuwel 'n
seën maak,[h] en ek sal die stort-
reën op sy tyd laat val. Stort-
reëns van seën sal daar wees.[i]
**27** En die bome van die veld sal
hulle vrugte gee,[j] en die land sal
sy opbrengs lewer,[k] en hulle sal
in veiligheid in hulle land wees.[l]
En hulle sal moet weet dat
ek Jehovah is wanneer ek hul-
le jukskeie verbreek[m] en hulle
verlos het uit die hand van dié
wat hulle as slawe gebruik het.[n]
**28** En hulle sal nie meer vir die
nasies iets word om te plunder
nie;[o] en die wilde diere van die
aarde sal hulle nie verslind nie,
en hulle sal in veiligheid woon,
sonder dat iemand hulle laat
bewe.[p]

**29** "'"En ek sal vir hulle
plante van naam verwek,[q] en
hulle sal nie meer deur honger-
snood in die land weggeneem
word nie,[r] en hulle sal nie meer
die vernedering deur die na-
sies dra nie.[s] **30** 'En hulle sal
moet weet dat ek, Jehovah hul-
le God, met hulle is[t] en dat hulle
my volk is, die huis van Israel',
is die woord van die Soewereine
Heer Jehovah."'[u]

**31** "'En wat julle, my skape,[v]
die skape van my weiding, be-
tref, julle is mense. Ek is julle
God', is die woord van die Soe-
wereine Heer Jehovah."

# 35

**35** En die woord van Jeho-
vah het verder tot my ge-
kom en gesê: **2** "Mensekind,
rig jou aangesig[a] teen die berg-
streek Seïr[b] en profeteer teen
hom.[c] **3** En jy moet vir hom
sê: 'Só het die Soewereine Heer
Jehovah gesê: "Kyk, ek is teen
jou, o bergstreek Seïr,[d] en ek sal
my hand teen jou uitsteek[e] en
jou 'n verlate woesteny maak,
ja, 'n verwoesting.[f] **4** Jou ste-
de sal ek 'n verwoeste plek
maak, en jy sal bloot 'n verlate
woesteny word;[g] en jy sal moet
weet dat ek Jehovah is,[h] **5** om-
dat jy 'n vyandskap gehad het
wat tot onbepaalde tyd duur[i] en
jy die kinders van Israel aan die
mag van die swaard bly oorle-
wer het[j] in die tyd van hulle on-
geluk,[k] in die tyd van hulle laas-
te oortreding."'[l]

**6** "'Daarom, so waar as ek
lewe', is die woord van die Soe-
wereine Heer Jehovah, 'omdat
ek jou vir bloed gereedgemaak
het, sal bloed jou ook agter-
volg.[m] Waarlik, jy het bloed ge-
haat, en bloed sal jou agter-
volg.[n] **7** En ek sal beslis die
bergstreek Seïr 'n verlate woes-
teny maak, ja, 'n verwoesting,[o]
en ek sal die een wat deurtrek
en die een wat terugkeer, uit
hom uitroei.[p] **8** En ek sal sy
berge vul met dié van hom wat
omgebring is; wat jou heuwels
en jou valleie en al jou stroom-
beddings betref, dié wat deur
die swaard omgebring is, sal
daarin val.[q] **9** Verlate woeste-
nye wat tot onbepaalde tyd
duur, sal ek jou maak, en jou
stede sal nie bewoon word nie;[r]
en julle sal moet weet dat ek Je-
hovah is.'[s]

**10** "Omdat jy gesê het: 'Hier-
die twee nasies en hierdie twee

HFST. 34
a Jes 11:1 Jes 55:3 Jer 30:9
b Ese 37:24 Ho 3:5
c Ge 17:7 Eks 29:45 Jer 31:1 Sag 13:9
d Ps 2:6 Jes 9:6 Jer 23:5 Mi 5:2 Lu 1:32 Han 5:31
e Jes 55:3 Ese 37:26
f Le 26:6 Jes 11:6 Jes 35:9 Jes 65:25 Ho 2:18
g Ps 4:8 Jer 23:6 Jer 33:16
h Jes 56:7 Ese 20:40 Mi 4:1
i Ge 12:2 Le 26:4 De 28:12 Ps 68:9 Spr 10:22 Sag 8:13 Mal 3:10
j Le 26:4 Jes 35:2 Jes 55:12
k Ps 85:12 Ese 36:30
l Le 25:18
m Le 26:13 Jer 2:20 Ese 30:18
n Jer 25:14
o Jer 30:10 Ese 36:4
p Jer 46:27
q Ps 72:7 Jes 11:1
r Ese 36:29
s Ese 36:15
t Ps 46:7 Ese 37:27
u Ro 9:25
v Ps 78:52 Ps 100:3 Jes 40:11 1Pe 5:2

Tweede kol.

HFST. 35
a Ese 6:2
b Ge 32:3 De 2:5 Ese 25:8
c Jer 49:8 Klg 4:22 Ese 36:5 Am 1:11 Ob 1 Ob 10
d Ese 25:12
e Jer 6:12
f Ese 25:13
g Jl 3:19 Mal 1:3
h Ps 9:16
i Ge 27:41

j Am 1:11; k Ob 10; l Ps 137:7; m Ps 109:16; Ob 15; Ro 2:6; Ga 6:7; n Ps 109:17; Ese 25:14; o Ese 25:13; p Rig 5:6; Ese 29:11; q Jes 34:2; Jer 25:33; r Jer 49:17; Jer 49:18; Ese 25:13; Mal 1:4; s Ps 9:16.

lande—hulle sal myne word,
en ons sal beslis albei lande
in besit neem',[a] terwyl Jeho-
vah daar was,[b] **11** 'daarom, so
waar as ek lewe', is die woord
van die Soewereine Heer Jeho-
vah, 'ek sal ook handel volgens
jou toorn en volgens jou jaloe-
sie waaraan jy uiting gegee het
weens jou haatgevoelens teen-
oor hulle;[c] en ek sal my on-
der hulle bekend maak wan-
neer ek jou oordeel.[d] **12** En jy
sal moet weet dat ek, Jehovah,
al jou minagtende dinge gehoor
het wat jy van die berge van Is-
rael gesê het[e] deur te sê: "Hul-
le is verwoes. Aan ons is hulle
as voedsel gegee."[f] **13** En julle
het voortdurend met julle mond
grootdoenerig teen my gehan-
del,[g] en julle het julle woorde
teen my vermenigvuldig.[h] Ek
het dit gehoor.'[i]

**14** "Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: 'Op dieself-
de tyd dat die hele aarde bly is,
sal ek 'n verlate woesteny van
jou maak. **15** Net soos jy bly
was oor die erfdeel van die huis
van Israel omdat dit verwoes
is, so sal ek met jou maak.[j] 'n
Verlate woesteny sal jy word, o
bergstreek Seïr, ja, die hele
Edom, in sy geheel;[k] en hulle sal
moet weet dat ek Jehovah is.' "[l]

**36** "En wat jou betref, o
mensekind, profeteer oor
die berge van Israel, en jy moet
sê: 'O berge van Israel,[m] hoor
die woord van Jehovah. **2** Só
het die Soewereine Heer Je-
hovah gesê: "Omdat die vyand
teen julle gesê het:[n] 'Ha! Selfs
die hoogtes van die ou tyd[o]—as
'n besitting het dit ons s'n ge-
word!' " '[p]

**3** "Daarom, profeteer, en jy
moet sê: 'Só het die Soewerei-
ne Heer Jehovah gesê: "Omdat,
ja, omdat julle woes gelê het[q]
en daar van alle kante na jul-
le gehap is,[a] sodat julle vir die
oorblywendes van die nasies
'n besitting kon word,[b] en daar
voortdurend met die tong oor
julle gepraat word[c] en daar 'n
slegte berig onder die mense is,[d]
**4** daarom, o berge van Israel,[e]
hoor die woord van die Soewe-
reine Heer Jehovah! Só het die
Soewereine Heer Jehovah gesê
vir die berge en vir die heu-
wels, vir die stroombeddings en
vir die valleie en vir die ver-
woeste plekke wat verwoes is[f]
en vir die verlate stede wat roof-
goed en 'n spot geword het vir
die oorblywendes van die nasies
wat rondom is;[g] **5** daarom, só
het die Soewereine Heer Jeho-
vah gesê: 'Waarlik, in die vuur
van my ywer sal ek spreek[h]
teen die oorblywendes van die
nasies en teen die hele Edom,[i]
dié wat my land as 'n besitting
aan hulleself gegee het met vol-
le blydskap van hart,[j] met min-
agting in die siel,[k] ter wille van
sy weiveld en die roofgoed.' " '[l]

**6** "Daarom, profeteer oor die
land van Israel, en jy moet vir
die berge en vir die heuwels, vir
die stroombeddings en vir die
valleie sê: 'Só het die Soewerei-
ne Heer Jehovah gesê: "Kyk! Ek
sal in my ywer en in my woe-
de spreek, omdat julle die ver-
nedering deur die nasies gedra
het." '[m]

**7** "Daarom, só het die Soe-
wereine Heer Jehovah gesê: 'Ek
het my hand in 'n eed opge-
hef[n] dat die nasies wat rondom
julle is—hulle sal hulle verne-
dering dra.[o] **8** En julle, o ber-
ge van Israel, sal julle takke
voortbring en julle vrugte dra
vir my volk Israel,[p] want hulle
staan op die punt om te kom.[q]
**9** Want kyk, ek is julle guns-
tiggesind, en ek sal my beslis

**HFST. 35**

a Ps 83:4; Ese 36:5; Ob 13
b Ps 48:1; Ese 48:35; Sef 3:15
c Le 19:17; Ps 37:7; Am 1:11; Mt 7:2; 1Jo 3:15
d Spr 11:21; Jes 26:9
e Ps 94:9
f Ps 83:12; Ese 36:2
g 1Sa 2:3; 2Kr 32:15; Da 11:36; Op 13:6
h Ob 3
i 2Kn 19:28; Jer 29:23
j Spr 17:5; Klg 4:21; Ob 12; Ob 15
k Jes 34:5; Ese 25:13; Ese 36:5
l Ps 9:16

**HFST. 36**

m Ese 6:2
n Ese 25:3
o De 32:13; Ps 78:69; Jes 58:14
p Jer 49:1; Ese 35:10
q Le 26:43

**Tweede kol.**

a Am 8:4
b Ese 25:4
c De 28:37; Ps 44:13; Jer 18:16; Klg 2:15; Da 9:16
d 1Kn 9:7
e Jes 44:23; Jes 49:13; Ese 6:2
f Jer 25:9
g Ps 79:4; Ese 34:28
h De 4:24; Jes 66:15; Ese 38:19; Sef 3:8
i Sag 1:15
j Ps 83:4; Ese 35:10
k Spr 17:5; Ob 12
l Ese 25:12; Am 1:11
m Ps 74:10; Ps 123:4; Ese 34:29
n De 32:40; Ese 20:5; Ese 20:15
o Jer 25:9; Jer 49:17; Am 1:11

p Ps 98:8; Jes 44:23; Jes 51:3; Jes 60:5; Ese 36:30;
q Jes 2:3.

na julle wend,[a] en julle sal be-
werk en met saad besaai word.[b]
**10** En ek sal mense op julle ver-
menigvuldig, die hele huis van
Israel, hulle almal,[c] en die ste-
de sal bewoon word[d] en die
verwoeste plekke sal herbou
word.[e] **11** Ja, ek sal mense
en diere op julle vermenigvul-
dig,[f] en hulle sal beslis verme-
nigvuldig en vrugbaar word, en
ek sal maak dat julle bewoon
word soos in julle vroeëre toe-
stand[g] en ek sal aan julle meer
goed doen as in julle oorspronk-
like toestand;[h] en julle sal moet
weet dat ek Jehovah is.[i] **12** En
op julle sal ek mense laat loop,
ja, my volk Israel, en hulle sal
julle in besit neem,[j] en julle sal
vir hulle 'n erfbesitting word,[k]
en julle sal hulle nie weer van
nog kinders beroof nie.' "[l]

**13** "Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: 'Omdat hul-
le vir julle sê: " 'n Verslinder van
mense is jy, en 'n land wat jou
nasies van kinders beroof, het
jy geword" ',[m] **14** 'daarom sal
jy nie meer mense verslind nie,[n]
en jou nasies sal jy nie meer
van kinders beroof nie',[o] is die
woord van die Soewereine Heer
Jehovah. **15** 'En ek sal maak
dat daar verder geen vernede-
rende praatjies deur die nasies
oor jou gehoor word nie,[p] en
smaad deur die volke sal jy nie
meer dra nie,[q] en jou nasies sal
jy nie meer laat struikel nie', is
die woord van die Soewereine
Heer Jehovah."

**16** En die woord van Jeho-
vah het verder tot my gekom
en gesê: **17** "Mensekind, die
huis van Israel het in hulle
land gewoon, en hulle het dit
voortdurend met hulle weg en
met hulle handelinge onrein
gemaak.[r] Soos die onreinheid
van menstruasie het hulle weg
voor my geword.[s] **18** En ek
het my woede oor hulle uitge-
stort weens die bloed wat hulle
in die land vergiet het,[a] die land
wat hulle met hulle drekgode[b]
onrein gemaak het. **19** En ek
het hulle onder die nasies ver-
strooi, sodat hulle in die lande
versprei is.[c] Volgens hulle weg
en volgens hulle handelinge het
ek hulle geoordeel.[d] **20** So het
hulle by die nasies gekom waar
hulle gekom het, en mense het
my heilige naam ontheilig[e] deur
van hulle te sê: 'Dit is die volk
van Jehovah, en uit sy land
het hulle uitgegaan.'[f] **21** En
ek sal medelye hê met my hei-
lige naam, wat die huis van Is-
rael ontheilig het onder die na-
sies waar hulle gekom het."[g]

**22** "Daarom, sê vir die huis
van Israel: 'Só het die Soe-
wereine Heer Jehovah gesê: "Ek
doen dit nie ter wille van jul-
le nie, o huis van Israel, maar
ter wille van my heilige naam,
wat julle ontheilig het onder die
nasies waar julle gekom het." '[h]
**23** 'En ek sal beslis my groot
naam heilig,[i] wat onder die na-
sies ontheilig is, wat julle onder
hulle ontheilig het; en die nasies
sal moet weet dat ek Jehovah
is',[j] is die woord van die Soewe-
reine Heer Jehovah, 'wanneer
ek onder julle geheilig word
voor hulle oë.[k] **24** En ek sal
julle uit die nasies neem en julle
uit al die lande bymekaarmaak
en julle in julle land bring.[l]
**25** En ek sal rein water op julle
sprinkel, en julle sal rein word;[m]
van al julle onreinhede[n] en van
al julle drekgode sal ek julle
reinig.[o] **26** En ek sal julle 'n
nuwe hart gee,[p] en 'n nuwe gees
sal ek in julle plaas,[q] en ek sal
die hart van klip uit julle vlees
wegneem en julle 'n hart van
vlees gee.[r] **27** En my gees sal

**HFST. 36**
a Sef 3:9
b Hag 2:19
c Jer 30:19
d Sag 8:4
e Jes 51:3; Jes 58:12; Jes 61:4; Am 9:14
f Jer 31:27; Jer 33:12
g Jer 30:18
h Jes 54:7; Ese 37:6; Hag 2:9
i Ho 2:20; Jl 3:17
j Jer 32:44; Ob 17
k Jes 60:21
l Jes 65:23; Jer 15:7
m Jer 15:7
n Spr 30:14
o Jer 32:35
p Jes 54:4; Jes 60:14; Ese 34:29; Mi 7:8; Sef 3:19
q Ps 89:50; Ese 36:20; Ese 36:21; Sef 2:8
r Le 18:25; Ps 106:38; Jes 24:5; Jer 2:7; Jer 3:1; Jer 16:18
s Le 12:2; Jes 64:6

**Tweede kol.**
a 2Kr 34:21; Jes 42:25
b Ese 23:37
c Le 26:38; De 28:64; Ese 22:15
d Ese 7:3; Ese 18:30; Ese 39:24
e Jes 52:5; Ro 2:24
f Nu 14:16; Jos 7:9
g Eks 20:7; Ps 74:18; Jes 48:9; Jes 52:5; Ese 20:9
h Ps 106:8
i Ps 46:10; Jes 5:16; Ese 20:41
j Ps 102:15
k Ese 28:22
l De 30:3; Jes 43:5; Jer 23:3; Ese 34:13; Ese 37:21; Ho 1:11
m Nu 19:13; Ps 51:7; Heb 10:22
n Jes 4:4; Jer 33:8; 1Ko 6:11
o Ese 6:4

**p** De 30:6; Jer 32:39; Ese 11:19; **q** Ps 51:10; **r** Sag 7:12.

ek in julle plaas,[a] en ek sal op-
tree sodat julle in my voorskrif-
te sal wandel[b] en my regterlike
beslissings sal onderhou en uit-
voer.[c] **28** En julle sal beslis in
die land woon wat ek aan julle
voorvaders gegee het,[d] en julle
sal my volk word en ek sal julle
God word.'[e]

**29** "'En ek sal julle van al
julle onreinhede red[f] en na die
graan roep en dit oorvloedig
maak, en ek sal geen honger-
snood oor julle bring nie.[g]
**30** En ek sal beslis die vrugte
van die bome en die opbrengs
van die veld oorvloedig maak,
sodat julle nie meer onder die
nasies die smaad van honger-
snood hoef te verduur nie.[h]
**31** En julle sal sekerlik dink
aan julle slegte weë en aan jul-
le handelinge wat nie goed was
nie,[i] en julle sal sekerlik 'n
weersin in julleself hê weens
julle oortredings en weens julle
verfoeilike dinge.[j] **32** Ek doen
dit nie ter wille van julle nie',[k]
is die woord van die Soewereine
Heer Jehovah, 'laat dit aan jul-
le bekend wees. Skaam julle en
voel verneder weens julle weë, o
huis van Israel.'[l]

**33** "Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: 'Die dag
dat ek julle van al julle oor-
tredings reinig, sal ek ook maak
dat die stede bewoon word,[m] en
die verwoeste plekke sal herbou
word.[n] **34** En die verwoeste
land sal bewerk word, hoewel
dit 'n verlate woesteny geword
het voor die oë van elke verby-
ganger.[o] **35** En mense sal be-
slis sê: "Die land daar wat ver-
woes was, het soos die tuin van
Eden[p] geword, en die stede wat
woes gelê het en wat verwoes
en afgebreek was, is versterk;
hulle word bewoon."[q] **36** En
die nasies wat rondom julle sal
oorbly, sal moet weet dat ek, Je-
hovah, opgebou het wat afge-
breek was,[a] beplant het wat
verwoes was. Ek, Jehovah, het
gespreek en ek het dit gedoen.'[b]

**37** "Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: 'Hiervoor
sal ek my nog deur die huis van
Israel laat soek om dit vir hul-
le te doen:[c] Ek sal hulle mense
vermenigvuldig soos 'n kudde.[d]
**38** Soos 'n kudde heilige men-
se, soos die kudde van Jerusa-
lem in sy feestye,[e] so sal die ste-
de wat woes gelê het, vol word
van 'n kudde mense;[f] en men-
se sal moet weet dat ek Jehovah
is.'"

**37** Die hand van Jehovah
was op my,[g] sodat hy my
deur die gees van Jehovah uit-
gebring[h] en my in die valleivlak-
te neergesit het, en dit was vol
bene.[i] **2** En hy het my na alle
kante toe by hulle laat verby-
gaan, en kyk! daar was 'n baie
groot aantal op die oppervlak
van die valleivlakte, en kyk,
hulle was baie droog.[j] **3** En
hy het vir my begin sê: "Men-
sekind, kan hierdie bene le-
wend word?" Daarop het ek ge-
sê: "Soewereine Heer Jehovah,
u weet dit."[k] **4** En hy het vir
my gesê: "Profeteer oor hierdie
bene, en jy moet vir hulle sê: 'O
droë bene, hoor die woord van
Jehovah:

**5** "'Só het die Soewereine
Heer Jehovah vir hierdie bene
gesê: "Kyk, ek bring asem in jul-
le, en julle moet lewend word.[l]
**6** En ek sal senings aan julle sit
en vlees op julle laat kom, en ek
sal julle met vel bedek en asem
in julle gee, en julle moet le-
wend word;[m] en julle sal moet
weet dat ek Jehovah is."'"[n]

**7** En ek het geprofeteer net
soos ek beveel is.[o] En onmid-
dellik nadat ek geprofeteer het,
was daar 'n geluid, en kyk, daar
was 'n geratel, en die bene het

HFST. 36
a Jes 44:3; Jl 2:28
b Jer 31:33
c Ese 11:20
d Ese 28:25; Ese 37:25
e Jer 30:22; Ese 11:20; Ese 37:27
f Mt 1:21; Ro 11:26
g Ps 33:19; Ese 34:29
h Ese 34:27; Ese 36:8; Ese 36:35
i Le 26:39; Esr 9:6; Ne 9:26; Jer 31:18
j Ese 6:9; Ese 20:43; Sag 12:10
k De 9:5; Da 9:19
l Ro 6:21
m Sag 8:8
n Jes 58:12; Jer 33:10; Am 9:14
o 2Kr 36:21; Jer 25:9
p Ge 2:8; Ge 13:10
q Jes 51:3

Tweede kol.
a Ese 17:24; Ese 37:28
b Nu 23:19; Ese 22:14; Ese 28:26; Ese 37:14
c Ps 102:17; Jes 55:6; Jer 29:12; Jer 50:5; Sag 13:9; Mt 7:7
d Ese 36:10
e Eks 23:17; 2Kr 7:8
f Jer 30:19; Jer 31:27

HFST. 37
g Ese 1:3
h Ese 3:14; Op 21:10
i Op 11:9
j Ese 37:11
k De 32:39; 1Sa 2:6; Ro 4:17; 2Ko 1:9
l Ge 2:7; Ps 104:30; Ese 37:14
m Op 11:11
n Jl 2:27
o Ese 37:10

begin nader kom, elke been na
sy been. **8** En ek het gesien,
en kyk! daar het senings en
vlees op hulle gekom, en hulle
is met vel bedek. Maar daar was
geen asem in hulle nie.

**9** En hy het vir my gesê:
"Profeteer vir die wind. Profe-
teer, o mensekind, en jy moet
vir die wind sê: 'Só het die
Soewereine Heer Jehovah gesê:
"Kom uit die vier windstreke, o
wind, en blaas op hierdie mense
wat doodgemaak is,[a] sodat hulle
lewend kan word." ' "[b]

**10** En ek het geprofeteer net
soos hy my beveel het, en die
asem het in hulle gekom, en hul-
le het lewend geword en op hul-
le voete gaan staan,[c] 'n baie,
baie groot krygsmag.

**11** En hy het vir my gesê:
"Mensekind, wat hierdie bene
betref, hulle is die hele huis van
Israel.[d] Kyk, hulle sê: 'Ons bene
is uitgedroog, en ons hoop het
vergaan.[e] Ons is afgesny en aan
onsself oorgelaat.' **12** Daar-
om, profeteer, en jy moet vir
hulle sê: 'Só het die Soewerei-
ne Heer Jehovah gesê: "Kyk, ek
maak julle grafte oop,[f] en ek
sal julle uit julle grafte laat op-
kom, o my volk, en julle in die
land van Israel bring.[g] **13** En
julle sal moet weet dat ek Je-
hovah is wanneer ek julle graf-
te oopmaak en wanneer ek jul-
le uit julle grafte laat opkom, o
my volk." '[h] **14** 'En ek sal my
gees in julle plaas, en julle moet
lewend word,[i] en ek sal julle
in julle land vestig; en julle sal
moet weet dat ek, Jehovah, ge-
spreek en dit gedoen het', is die
woord van Jehovah."[j]

**15** En die woord van Jeho-
vah het verder tot my gekom en
gesê: **16** "En wat jou betref,
o mensekind, neem vir jou 'n
stok[k] en skryf daarop: 'Vir Juda
en vir die kinders van Israel, sy
metgeselle.'[a] En neem 'n ander
stok en skryf daarop: 'Vir Jo-
sef, die stok van E′fraim,[b] en die
hele huis van Israel, sy metge-
selle.'[c] **17** En laat hulle nader
aan mekaar kom totdat hulle
vir jou een stok word, en hulle
sal net een in jou hand word.[d]
**18** En wanneer die kinders van
jou volk vir jou begin sê: 'Sal u
ons nie vertel wat hierdie dinge
vir u beteken nie?'[e] **19** moet
jy vir hulle sê: 'Só het die Soe-
wereine Heer Jehovah gesê:
"Kyk, ek neem die stok van Jo-
sef, wat in die hand van E′fraim
is, en die stamme van Israel, sy
metgeselle, en ek sal hulle daar-
op sit, dit wil sê op die stok van
Juda, en ek sal hulle een stok
maak,[f] en hulle sal een in my
hand word." ' **20** En die stok-
ke waarop jy skryf, moet voor
hulle oë in jou hand wees.[g]

**21** "En sê vir hulle: 'Só het
die Soewereine Heer Jehovah
gesê: "Kyk, ek neem die kinders
van Israel onder die nasies uit
waarheen hulle gegaan het, en
ek sal hulle van alle kante by-
mekaarmaak en hulle in hulle
land bring.[h] **22** En ek sal hul-
le een nasie in die land maak,[i]
op die berge van Israel, en een
koning sal hulle almal as koning
hê,[j] en hulle sal nie meer twee
nasies bly nie, en ook sal hul-
le nie meer in twee koninkryke
verdeel wees nie.[k] **23** En hulle
sal hulle nie meer verontreinig
met hulle drekgode en met hul-
le walglike dinge en met al hulle
oortredings nie;[l] en ek sal hulle
beslis red uit al hulle woonplek-
ke waarin hulle gesondig het, en
ek sal hulle reinig,[m] en hulle sal
my volk word, en ek sal hulle
God word.[n]

**24** " ' "En my kneg Dawid sal
koning oor hulle wees,[o] en een
herder sal hulle almal hê;[p] en
in my regterlike beslissings sal

**HFST. 37**
a Op 11:7
b Ps 104:30
c Op 11:11
d Ese 36:10
e Ps 141:7, Jes 49:14
f Jes 66:14, Op 11:11
g Ese 11:17, Ese 20:42, Ese 36:24, Am 9:14
h Ps 126:2, Ese 37:6
i Jes 32:15, Ese 36:27, Ese 37:5
j Nu 23:19, Ese 36:36
k Nu 17:2, Ese 37:19

**Tweede kol.**
a 2Kr 15:9, 2Kr 30:11
b 1Kn 12:20
c 1Kn 11:31
d Jes 11:13, Jer 3:18, Jer 50:4
e Ese 12:9
f Jer 50:4, Sag 10:6
g Ese 12:3
h De 30:3, Jes 11:12, Jer 16:15, Jer 23:3, Am 9:14
i Jer 3:18, Ho 1:11
j Ge 49:10, Ps 2:6, Jes 9:6, Jer 23:5, Lu 1:32
k Ese 37:16, Sag 10:6
l Jes 2:18, Ese 11:18, Ese 20:43, Ho 14:8, Sag 13:2
m Le 20:7
n Ge 17:7, Jer 31:33, Ese 36:28
o Jer 23:5, Jer 30:9, Ho 3:5, Lu 1:32
p Joh 10:16, 1Pe 5:4

hulle wandel[a] en my insettinge
sal hulle onderhou,[b] en hulle sal
dit beslis uitvoer.[c] **25** En hul-
le sal in die land woon wat ek
aan my kneg, aan Jakob, gegee
het, waarin julle voorvaders ge-
woon het,[d] en hulle sal daarin
woon,[e] hulle en hulle kinders en
hulle kinders se kinders tot on-
bepaalde tyd,[f] en my kneg Da-
wid sal tot onbepaalde tyd hulle
owerste wees.[g]

**26** "'"En ek sal 'n vredesver-
bond met hulle sluit;[h] 'n ver-
bond wat tot onbepaalde tyd
duur, sal daar met hulle wees.[i]
En ek sal hulle 'n plek gee
en hulle vermenigvuldig[j] en my
heiligdom tot onbepaalde tyd in
hulle midde plaas.[k] **27** En my
tabernakel sal oor hulle wees,[l]
en ek sal beslis hulle God word,
en hulle sal my volk word.[m]
**28** En die nasies sal moet weet
dat ek, Jehovah,[n] Israel heilig
wanneer my heiligdom tot on-
bepaalde tyd in hulle midde
is."'"[o]

**38** En die woord van Jeho-
vah het verder tot my ge-
kom en gesê: **2** "Mensekind,[p]
rig jou aangesig teen Gog van
die land Magog,[q] die hoofower-
ste van Meseg[r] en Tubal,[s] en
profeteer teen hom. **3** En jy
moet sê: 'Só het die Soewerei-
ne Heer Jehovah gesê: "Kyk, ek
is teen jou, o Gog, hoofower-
ste van Meseg en Tubal. **4** En
ek sal jou beslis laat omdraai
en hake in jou kakebene sit[t]
en jou uitbring met jou hele
krygsmag,[u] perde en ruiters, al-
mal met volmaakte smaak ge-
klee,[v] 'n talryke vergadering,
met groot skild en klein skild,
wat almal die swaard hanteer;[w]
**5** Persië,[x] Etiopië[y] en Put[z]
saam met hulle, almal met klein
skild en helm; **6** Gomer[a] en al
sy krygsbendes, die huis van To-
gar'ma,[b] uit die mees afgeleë
dele van die noorde, en al sy
krygsbendes, baie volke saam
met jou.[a]

**7** "'"Wees gereed en tref
voorbereidings, jy met jou hele
vergadering,[b] dié wat by jou by-
mekaargekom het, en jy moet
hulle wag word.

**8** "'"Ná baie dae sal daar
aandag aan jou geskenk word.
Aan die einde van die jare sal
jy kom na die land[c] van mense
wat van die swaard teruggewin
is, bymekaargemaak uit baie
volke,[d] op die berge van Israel,
wat altyddeur 'n verwoeste plek
was; ja, 'n land wat uit die vol-
ke uitgebring is, waar hulle al-
mal in veiligheid woon.[e] **9** En
jy sal sekerlik optrek. Soos 'n
storm sal jy aankom.[f] Jy sal
word soos wolke om die land te
bedek,[g] jy en al jou krygsbendes
en baie volke saam met jou."'

**10** "Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: 'En in dié
dag sal daar dinge in jou hart
opkom,[h] en jy sal beslis 'n skade-
like plan uitdink;[i] **11** en jy sal
sê: "Ek sal teen die land van die
oop plattelandse gebied optrek.[j]
Ek sal by dié kom wat rus het,
wat in veiligheid woon, wat al-
mal sonder muur woon,[k] en hul-
le het selfs nie grendels en deu-
re nie." **12** Dit sal wees om 'n
groot buit[l] te verkry en baie te
plunder, ten einde jou hand te
laat terugdraai teen verwoeste
plekke wat weer bewoon word[m]
en teen 'n volk wat uit die na-
sies versamel is,[n] wat rykdom
en eiendom versamel,[o] dié wat
op die middelpunt[p] van die aar-
de woon.

**13** "'Skeba[q] en Dedan[r] en die
koopmanne van Tarsis[s] en al
sy jong maanhaarleeus[t]—hulle
sal vir jou sê: "Kom jy om 'n
groot buit te verkry? Het jy jou
vergadering bymekaar laat kom
om baie te plunder, ten einde

**HFST. 37**
a Ps 25:9
b De 30:10
c Jer 32:39; Ese 36:27
d Jer 30:3; Ese 28:25
e Jl 3:20
f Jes 60:21; Am 9:15
g Ese 34:24; Lu 1:32; Joh 12:34
h Ese 34:25
i Jes 55:3; Jer 32:40
j Jer 30:19; Sag 8:5; Heb 6:14
k Le 26:11; 2Ko 6:16
l Op 21:3
m Le 26:12; Ese 11:20; Ese 36:28; Ese 43:7; Ho 2:23
n Ese 36:23
o Ese 20:12

**HFST. 38**
p Ese 39:1
q Ese 38:15; Ese 39:6
r Ese 32:26
s Jes 66:19; Ese 27:13
t 2Kn 19:28; Ese 29:4; Ese 39:2
u Ese 38:15
v Ese 23:12
w Jer 46:9
x Ese 27:10
y Ese 30:5
z 1Kr 1:8
a Ge 10:2
b Ge 10:3; Ese 27:14

**Tweede kol.**
a Ese 39:2
b Jes 8:9; Jer 46:3; Jl 3:9
c Jes 66:8
d Mt 24:31
e Jer 23:6; Ese 28:26; Ese 34:25
f Jes 28:2
g Jer 4:13
h Ps 83:4
i Spr 6:18; Op 17:13
j Eks 15:9; Jer 49:31
k Jes 26:1; Sag 2:4
l Spr 1:13
m Jer 33:12
n Sag 10:8
o Jes 60:5; Jes 61:6
p Sag 2:8
q Ese 27:22
r Ese 27:15
s Ese 27:25
t Jer 50:17

silwer en goud weg te dra, om
rykdom en eiendom te neem,
om 'n baie groot buit te ver-
kry?"'
**14** "Daarom, profeteer, o
mensekind, en jy moet vir Gog
sê: 'Só het die Soewereine Heer
Jehovah gesê: "Sal jy dit nie
weet in dié dag wanneer my
volk Israel in veiligheid woon
nie?[a] **15** En jy sal beslis uit
jou plek kom, uit die mees afge-
leë dele van die noorde,[b] jy en
baie volke saam met jou wat al-
mal op perde ry, 'n groot verga-
dering, ja, 'n talryke krygsmag.[c]
**16** En jy sal sekerlik teen my
volk Israel optrek, soos wolke
om die land te bedek.[d] Aan die
einde van die dae sal dit plaas-
vind, en ek sal jou beslis teen
my land bring,[e] sodat die na-
sies my kan ken wanneer ek my
voor hulle oë deur middel van
jou heilig, o Gog."'[f]
**17** "Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: 'Is dit jy[g]
van wie ek in die vroeëre dae
gespreek het deur die hand van
my knegte, die profete van Is-
rael, wat in dié dae—jare—ge-
profeteer het dat jy teen hulle
gebring sou word?'[h]
**18** "'En in dié dag, die dag
wanneer Gog teen die land van
Israel kom', is die woord van
die Soewereine Heer Jehovah,
'sal my woede in my neus op-
kom.[i] **19** En in my ywer,[j] in
die vuur van my grimmigheid,
sal ek moet spreek.[k] Waarlik,
in dié dag sal daar 'n groot
aardbewing in die land van Is-
rael plaasvind.[l] **20** En weens
my sal die visse van die see en
die voëls van die hemel en die
wilde diere van die veld en al
die kruipende diere wat op die
grond kruip en al die mense wat
op die oppervlak van die aar-
de is, sekerlik bewe,[m] en die ber-
ge sal neergewerp word[a] en die
steil paaie sal moet val, en al die
mure sal op die aarde val.'
**21** "'En ek sal deur my hele
bergstreek 'n swaard teen hom
oproep', is die woord van die
Soewereine Heer Jehovah.[b] 'Die
swaard van elkeen sal teen sy
eie broer wees.[c] **22** En ek sal
met hom in die gerig tree,[d] met
pes[e] en met bloed;[f] en 'n oor-
stromende stortreën en haelste-
ne,[g] vuur[h] en swael sal ek op
hom laat reën en op sy krygs-
bendes en op die baie volke
wat saam met hom sal wees.[i]
**23** En ek sal my beslis groot
maak en my heilig[j] en my be-
kend maak voor die oë van baie
nasies; en hulle sal moet weet
dat ek Jehovah is.'[k]

**39** "En wat jou betref, o men-
sekind, profeteer teen
Gog,[l] en jy moet sê: 'Só het die
Soewereine Heer Jehovah gesê:
"Kyk, ek is teen jou, o Gog,
hoofowerste van Meseg[m] en Tu-
bal.[n] **2** En ek sal jou laat om-
draai en jou lei[o] en jou uit die
mees afgeleë dele van die noor-
de[p] laat optrek en jou op die ber-
ge van Israel bring. **3** En ek
sal jou boog uit jou linkerhand
slaan, en jou pyle sal ek uit jou
regterhand laat val. **4** Op die
berge van Israel sal jy val,[q] jy en
al jou krygsbendes en die vol-
ke wat saam met jou sal wees.
Aan roofvoëls, al die verskillen-
de soorte voëls, en die wilde die-
re van die veld sal ek jou as
voedsel gee."'[r]
**5** "'Op die oppervlak van die
veld sal jy val,[s] want ek het ge-
spreek', is die woord van die
Soewereine Heer Jehovah.
**6** "'En ek sal vuur oor Ma-
gog[t] stuur en oor dié wat die
eilande in veiligheid bewoon;[u]
en mense sal moet weet dat
ek Jehovah is. **7** En my heili-

**HFST. 38**
a Ese 38:8
b Ese 39:2
c Sef 3:8
d Ese 38:9
e Jl 3:2
f Eks 14:4, 2Kn 19:19, Ps 83:18, Ps 148:14, Ese 36:23, Ese 39:21, Mt 6:9
g Eks 9:16, Jes 14:12, Jer 50:31, Ese 28:17
h Jl 3:16, Sag 2:8
i De 32:22, Na 1:2, Heb 12:29
j Ps 78:21
k Heb 12:29
l Hab 3:6
m Ho 4:3

**Tweede kol.**
a Jer 4:24, Na 1:5
b Ese 14:17
c 2Kr 20:23, Hag 2:22, Sag 14:13
d Jer 25:31
e Sag 14:12
f Jes 66:16
g Eks 9:22, Jos 10:11, Ps 18:12
h Jes 29:6, Jes 30:30
i Ge 19:24, Ps 11:6
j Le 22:32, Ese 36:23
k Ps 9:16, Ese 25:17

**HFST. 39**
l Ese 38:2
m Ese 32:26
n Ese 27:13
o Ese 38:4
p Ese 38:15
q Ese 38:21
r Ese 32:4, Ese 33:27, Op 19:18
s Jer 8:2, Jer 25:33
t Ese 38:22
u Ps 72:10

ge naam sal ek onder my volk
Israel bekend maak, en ek sal
my heilige naam nie meer laat
ontheilig nie;[a] en die nasies sal
moet weet dat ek Jehovah is,[b]
die Heilige in Israel.’[c]
**8** “ ‘Kyk! Dit sal kom en dit
sal gebeur’,[d] is die woord van
die Soewereine Heer Jehovah.
‘Dit is die dag waarvan ek ge-
praat het.[e] **9** En die inwoners
van die stede van Israel sal be-
slis uitgaan en die wapens en
klein skilde en groot skilde ver-
brand en vure aanpak daarmee
—met die boë en met die pyle en
met die handstokke en met die
lanse; en daarmee sal hulle sewe
jaar lank vuur moet maak.[f]
**10** En hulle sal nie hout uit die
veld dra of vuurmaakhout uit
die woude bymekaarmaak nie,
want met die wapens sal hulle
vuur maak.’
“ ‘En hulle sal beslis dié plun-
der wat hulle geplunder het[g] en
dié beroof wat hulle beroof het’,
is die woord van die Soewereine
Heer Jehovah.
**11** “ ‘En in dié dag sal ek aan
Gog[h] daar ’n plek gee, ’n graf
in Israel, die vallei van dié wat
oos van die see deurtrek, en
dit sal die weg versper van dié
wat deurtrek. En daar sal hul-
le Gog en sy hele menigte moet
begrawe, en hulle sal dit beslis
die Vallei van Gog se Menigte[i]
noem. **12** En die huis van Is-
rael sal hulle moet begrawe om
die land te reinig, sewe maan-
de lank.[j] **13** En die hele volk
van die land sal moet begrawe,
en dit sal hulle beslis tot roem
strek die dag dat ek my ver-
heerlik’,[k] is die woord van die
Soewereine Heer Jehovah.
**14** “ ‘En hulle sal manne vir
voortdurende diens afsonder,
wat die land deurgaan en, saam
met dié wat deurtrek, dié be-
grawe wat op die oppervlak
van die aarde oorgebly het, om
dit te reinig. Tot sewe maan-
de verstryk het, sal hulle bly
soek. **15** En dié wat deurtrek,
moet die land deurgaan, en as
iemand ’n mensebeen sien, dan
moet hy daarby ’n merkteken
oprig, totdat die begrawers dit
in die Vallei van Gog se Me-
nigte[a] begrawe het. **16** En die
naam van die stad sal ook Ha-
mo′na wees. En hulle sal die
land moet reinig.’[b]
**17** “En wat jou betref, o men-
sekind, só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: ‘Sê vir al die
verskillende soorte voëls en vir
al die wilde diere van die veld:[c]
“Kom bymekaar en kom. Versa-
mel julle rondom my offerande,
wat ek vir julle slag, ’n groot of-
ferande op die berge van Is-
rael.[d] En julle sal beslis vlees
eet en bloed drink.[e] **18** Die
vlees van sterkes sal julle eet[f]
en die bloed van die owerstes
van die aarde sal julle drink,
ramme, jong skaapramme[g] as-
ook bokramme, jong bulle,[h] al-
mal vetgemaakte diere van Ba-
san.[i] **19** En julle sal beslis vet
eet totdat julle versadig is[j] en
bloed drink totdat julle dronk
is, van my offerande wat ek vir
julle sal slag.” ’
**20** “ ‘En julle sal aan my ta-
fel versadig raak van perde en
strydwadrywers, sterk manne
en alle soorte krygsmanne’, is
die woord van die Soewereine
Heer Jehovah.[k]
**21** “ ‘En ek sal my heerlik-
heid onder die nasies stel; en al
die nasies sal my oordeel moet
sien wat ek voltrek het[l] en my
hand wat ek op hulle gelê het.[m]
**22** En die huis van Israel sal
moet weet dat ek Jehovah hulle
God is, van dié dag af en daar-
na.[n] **23** En die nasies sal moet

**HFST. 39**
a Le 18:21 Ese 20:9
b Ese 38:16
c Jes 6:3
d Op 16:17
e Jes 46:10 2Pe 3:10
f Jos 11:6 Ps 46:9
g Job 34:11 Jes 14:2 Mt 7:2 Op 18:6
h Ese 38:2
i Ese 39:15
j De 21:23
k Ese 28:22 Ese 38:16

**Tweede kol.**
a Ese 39:11
b Ese 39:12
c Jer 12:9 Sef 1:7
d Jes 34:6 Jer 46:10 Ese 32:4 Op 19:17
e Op 19:18
f Ese 29:5
g Jer 51:40
h Jes 34:7 Jer 50:27
i De 32:14 Ps 22:12 Am 4:1
j Op 19:21
k Ps 76:6 Ese 38:4 Hag 2:22 Op 19:18
l Eks 14:4 Jes 37:20 Ese 36:23 Ese 38:16 Mal 1:11
m Eks 7:4 Eks 8:19 1Sa 5:7 1Sa 6:9
n Ps 9:16 Jer 24:7

weet dat hulle, die huis van Is-
rael, weens hulle oortreding in
ballingskap gegaan het,[a] omdat
hulle hulle ontrou teenoor my
gedra het, sodat ek my aangesig
vir hulle verberg het[b] en hulle
in die hand van hulle teenstan-
ders gegee het, en hulle almal
het deur die swaard bly val.[c]
**24** Volgens hulle onreinheid en
volgens hulle oortredings het
ek met hulle gehandel,[d] en ek
het my aangesig vir hulle bly
verberg.’

**25** “Daarom, só het die Soe-
wereine Heer Jehovah gesê:
‘Nou sal ek die gevangenes
van Jakob terugbring[e] en die
hele huis van Israel barmhar-
tig wees;[f] en ek sal uitsluitli-
ke toegewydheid vir my hei-
lige naam[g] toon. **26** En hulle
sal hulle vernedering gedra
het[h] en al hulle ontrouheid
waarmee hulle teenoor my ge-
handel het,[i] wanneer hulle in
veiligheid in hulle land woon,[j]
sonder dat iemand hulle laat
bewe.[k] **27** Wanneer ek hulle
uit die volke terugbring en hul-
le uit die lande van hulle vy-
ande bymekaarmaak,[l] sal ek my
ook onder hulle heilig voor die
oë van baie nasies.’[m]

**28** “‘En hulle sal moet weet
dat ek Jehovah hulle God is,
wanneer ek hulle in balling-
skap na die nasies stuur en hul-
le in hulle land bymekaarbring,[n]
sodat ek nie een van hulle nog
langer daar sal laat bly nie.[o]
**29** En ek sal my aangesig nie
langer vir hulle verberg nie,[p]
omdat ek my gees op die huis
van Israel sal uitstort’,[q] is die
woord van die Soewereine Heer
Jehovah.”

**40** In die vyf-en-twintigste
jaar van ons balling-
skap,[r] in die begin van die
jaar, op die tiende dag van
die maand, in die veertiende
jaar nadat die stad verslaan is,[a]
op daardie selfde dag was die
hand van Jehovah op my,[b] so-
dat hy my daarheen gebring
het.[c] **2** In die visioene van
God het hy my na die land van
Israel gebring en my eindelik
op ’n baie hoë berg[d] neergesit,
waarop daar teen die suide iets
soos ’n stad gebou was.[e]

**3** En hy het my daarheen ge-
bring, en kyk! daar was ’n man.
Sy voorkoms was soos die voor-
koms van koper,[f] en in sy hand
was ’n vlastou en ’n meetriet,[g]
en hy het in die poort gestaan.
**4** En die man het met my begin
praat: “Mensekind,[h] kyk met
jou oë en hoor met jou ore en
rig jou hart op alles wat ek jou
wys, want om jou dit te wys, is
jy hierheen gebring. Vertel alles
wat jy sien vir die huis van Is-
rael.”[i]

**5** En kyk! daar was ’n muur
buite rondom die huis. En in die
hand van die man was die meet-
riet van ses el, elkeen ’n el en
’n handbreedte. En hy het die
breedte van die bouwerk begin
meet: een riet; en die hoogte:
een riet.

**6** Toe het hy by die poort ge-
kom, waarvan die voorkant na
die ooste toe is,[j] en met sy
trappe opgegaan. En hy het
die drumpel van die poort[k] be-
gin meet: een riet breed, en die
ander drumpel: een riet breed.
**7** En die kamer vir die wagte
was een riet lank en een riet
breed, en tussen die kamers
vir die wagte[l] was daar vyf el;
en die drumpel van die poort
langs die portaal van die poort
aan die binnekant was een riet.

**8** En hy het die portaal van
die poort aan die binnekant ge-
meet: een riet.[m] **9** Toe het hy
die portaal van die poort ge-
meet: agt el; en sy sypilare:

**HFST. 39**
a 2Kr 7:22 Jer 22:9
b De 31:18 Ps 30:7 Jes 59:2
c Le 26:25 De 32:30 Ps 106:41
d Le 26:24 Ese 36:19
e Jer 30:3 Ese 34:13
f Jer 31:1 Ho 1:11 Sag 1:16
g Eks 34:14 Ese 36:21
h Da 9:16
i Ps 99:8
j Le 26:5
k Jer 23:6
l Jer 30:10 Jer 46:27 Ese 28:25 Am 9:14 Sef 3:20
m Jes 5:16 Ese 36:23 Ese 38:16
n Ese 34:30
o De 30:4
p Jes 45:17 Jes 54:8 Jer 29:14
q Jes 32:15 Jl 2:28 Sag 12:10

**HFST. 40**
r 2Kn 24:15

**Tweede kol.**
a 2Kn 25:9 2Kr 36:19 Ese 33:21
b Ese 1:3
c Ese 8:3
d Jes 2:2 Mi 4:1
e Op 21:10
f Ese 1:7 Da 10:6
g Ps 78:55 Ese 47:3 Sag 2:1 Op 11:1 Op 21:15
h Ese 44:5
i Jer 26:2 Ese 43:10 Han 20:27
j Ese 40:10 Ese 43:1
k Ese 46:2
l 1Kr 9:26
m Ese 40:5

twee el; en die portaal van die
poort was aan die binnekant.
**10** En die kamers vir die
wagte, dié van die poort na die
ooste toe, was drie aan hierdie
kant en drie aan die ander kant.
Al drie het dieselfde afmeting
gehad, en die sypilare het die-
selfde afmeting gehad, aan hier-
die kant en aan die ander kant.
**11** Toe het hy die wydte van
die poortingang gemeet: tien el;
die lengte van die poort: der-
tien el.
**12** En die afgeskorte ruimte
voor die kamers vir die wagte
was een el, en daar was ’n afge-
skorte ruimte van een el aan al-
bei kante. En die kamer vir
die wagte was ses el aan hier-
die kant en ses el aan die ander
kant.
**13** En hy het die poort ge-
meet van die dak van die een
kamer vir die wagte af tot by
die dak van die ander: ’n breed-
te van vyf-en-twintig el;[a] in-
gang was teenoor ingang.
**14** Toe het hy sypilare van ses-
tig el gemaak, ja, die sypilare
van die voorhof in die poorte
rondom. **15** En van die voor-
kant van die ingangspoort af
tot by die voorkant van die por-
taal van die binneste poort was
vyftig el.
**16** En daar was vensters met
rame wat al hoe smaller word[b]
in die kamers vir die wagte en
in hulle sypilare, na die binne-
kant van die poort rondom, en
so ook in die portale. En die
vensters was rondom na die bin-
nekant toe, en op die sypilare
was daar palmboomfigure.[c]
**17** En hy het my geleidelik in
die buitenste voorhof ingebring,
en kyk! daar was eetkamers,[d]
en ’n plaveisel wat rondom vir
die voorhof gemaak is. Daar
was dertig eetkamers op die
plaveisel.[e] **18** En die plaveisel
aan die kant van die poorte
het ooreengekom met die leng-
te van die poorte—die onderste
plaveisel.
**19** En hy het die breedte ge-
meet van die voorkant van die
onderste poort af tot by die
voorkant van die binneste voor-
hof. Buite was dit honderd el,
aan die oostekant en aan die
noordekant.
**20** En die buitenste voorhof
het ’n poort gehad waarvan die
voorkant na die noorde toe was.
Hy het sy lengte en sy breedte
gemeet. **21** En sy kamers vir
die wagte was drie aan hierdie
kant en drie aan die ander kant.
En sy sypilare en sy portaal het
dieselfde afmeting as die eerste
poort gehad. Vyftig el was sy
lengte, en sy breedte was vyf-
en-twintig el. **22** En sy ven-
sters en sy portaal en sy palm-
boomfigure[a] het dieselfde afme-
ting gehad as dié van die poort
waarvan die voorkant na die
ooste toe is. En met sewe trap-
pe kon mense daarin opgaan, en
sy portaal was daarvoor.
**23** En die poort van die bin-
neste voorhof was teenoor die
poort na die noorde; ook een na
die ooste. En hy het van poort
tot poort gemeet: honderd el.
**24** En hy het my geleidelik
na die suide gebring, en kyk!
daar was ’n poort na die suide
toe,[b] en hy het sy sypilare en
sy portaal gemeet volgens die-
selfde afmetings as die voriges.
**25** En die poort en sy portaal
het rondom vensters gehad,
soos die vorige vensters. Vyftig
el was die lengte, en die breedte
was vyf-en-twintig el. **26** En
daar was sewe trappe om daar-
heen op te gaan,[c] en sy portaal
was daarvoor. En dit het palm-
boomfigure gehad, een aan hier-
die kant en een aan die ander
kant op sy sypilare.

HFST. 40
a Ese 40:21
b 1Kn 6:4
Ese 41:26
c 1Kn 6:35
d 1Kr 28:12
e Ese 45:5

Tweede kol.
a Ese 41:20
Ese 41:26
b Ese 46:9
c Ese 40:22

**27** En die binneste voorhof
het ’n poort na die suide toe ge-
had. En hy het van poort tot
poort na die suide gemeet: hon-
derd el. **28** En hy het my gelei-
delik deur die suidpoort in die
binneste voorhof gebring. En hy
het die suidpoort gemeet vol-
gens dieselfde afmetings as die
voriges. **29** En sy kamers vir
die wagte en sy sypilare en sy
portaal het dieselfde afmetings
as die voriges gehad. En die
poort en sy portaal het rondom
vensters gehad. Vyftig el was
die lengte, en die breedte was
vyf-en-twintig el.[a] **30** En daar
was rondom portale; die leng-
te was vyf-en-twintig el en die
breedte vyf el. **31** En sy por-
taal was na die buitenste voor-
hof toe, en daar was palmboom-
figure op sy sypilare,[b] en sy trap
het agt trappies gehad.[c]

**32** En hy het my geleidelik
langs die oostekant in die binne-
ste voorhof ingebring, en hy het
die poort gemeet volgens die-
selfde afmetings as die voriges.
**33** En sy kamers vir die wag-
te en sy sypilare en sy portaal
het dieselfde afmetings as die
voriges gehad, en die poort en
sy portaal het rondom vensters
gehad. Die lengte was vyftig el
en die breedte vyf-en-twintig el.
**34** En sy portaal was na die bui-
tenste voorhof toe, en daar was
palmboomfigure aan weerskan-
te op sy sypilare. En sy trap het
agt trappies gehad.

**35** En hy het my in die noord-
poort gebring,[d] en hy het ge-
meet, volgens dieselfde afme-
tings as die voriges:[e] **36** sy
kamers vir die wagte, sy sypi-
lare en sy portaal. En dit
het rondom vensters gehad.
Die lengte was vyftig el en
die breedte vyf-en-twintig el.
**37** En sy sypilare was na die
buitenste voorhof toe, en daar
was palmboomfigure aan weers-
kante op sy sypilare.[a] En sy
trap het agt trappies gehad.

**38** En daar was ’n eetkamer
met sy ingang by die sypilare
van die poorte. Daar het hulle
die heelbrandoffer afgespoel.[b]

**39** En in die portaal van die
poort was daar twee tafels aan
hierdie kant en twee tafels aan
die ander kant, om daarop die
heelbrandoffer[c] en die sondof-
fer[d] en die skuldoffer[e] te slag.
**40** En aan die buitekant, as ’n
mens na die ingang van die
noordpoort opgaan, was daar
twee tafels. En aan die ander
kant wat by die portaal van die
poort behoort, was daar twee
tafels. **41** Daar was vier ta-
fels hier en vier tafels daar,
aan die kant van die poort—agt
tafels, waarop hulle geslag het.
**42** En die vier tafels vir die
heelbrandoffer was van gekapte
klip. Die lengte was anderhalf
el, en die breedte anderhalf el,
en die hoogte een el. Daarop het
hulle ook die gereedskap neer-
gesit waarmee hulle die heel-
brandoffer en die offerande ge-
slag het. **43** En die lyste om
dinge op neer te sit, was een
handbreedte, rondom stewig
vas aan die binnekant; en op die
tafels het hulle die vleis van die
offergawe neergesit.[f]

**44** En aan die buitekant van
die binneste poort was die eet-
kamers van die sangers,[g] in die
binneste voorhof, wat aan die
kant van die noordpoort is. En
hulle voorkant was na die suide
toe. Daar was een aan die kant
van die oospoort. Die voorkant
was na die noorde toe.

**45** En hy het vir my gesê:
“Hierdie eetkamer, waarvan die
voorkant na die suide toe is,
is vir die priesters wat die ver-
pligting ten opsigte van die huis

HFST. 40
a Ese 40:21
b Ese 40:16
c Ese 40:34; Ese 40:37
d Ese 44:4
e Ese 40:32

Tweede kol.
a Ese 40:31
b Le 8:21
c Le 1:3; Ese 43:18
d Le 4:3
e Le 5:6; Le 7:1; Ese 42:13; Ese 44:29
f Le 1:6; Le 8:20
g 1Kr 6:31; Ef 5:19; Kol 3:16

nakom.[a] **46** En die eetkamer
waarvan die voorkant na die
noorde toe is, is vir die priesters
wat die verpligting ten opsig-
te van die altaar nakom.[b] Hul-
le is die seuns van Sadok,[c] wat
uit die kinders van Levi nader
kom na Jehovah toe om hom te
dien.”[d]

**47** En hy het die binneste
voorhof gemeet. Die lengte was
honderd el en die breedte hon-
derd el, vierkantig. En die al-
taar was voor die huis.

**48** En hy het my in die por-
taal van die huis gebring,[e] en hy
het die sypilaar van die portaal
gemeet, vyf el aan hierdie kant
en vyf el aan die ander kant. En
die breedte van die poort was
drie el aan hierdie kant en drie
el aan die ander kant.

**49** Die lengte van die por-
taal was twintig el en die breed-
te elf el. En met trappe het hul-
le daarheen opgegaan. En daar
was pilare by die syposte, een
aan hierdie kant en een aan die
ander kant.[f]

**41** En hy het my in die tem-
pel ingebring, en hy het
die sypilare gemeet: ses el was
die breedte aan hierdie kant en
ses el die breedte aan die ander
kant, die breedte van die sypi-
laar. **2** En die wydte van die
ingang was tien el, en die sykan-
te van die ingang was vyf el aan
hierdie kant en vyf el aan die
ander kant. En hy het die lengte
daarvan gemeet: veertig el; en
die breedte: twintig el.

**3** En hy het ingegaan en die
sypilaar van die ingang gemeet:
twee el; en die ingang: ses el; en
die breedte by die ingang was
sewe el. **4** En hy het die leng-
te daarvan gemeet: twintig el;
en die breedte: twintig el,[g] voor
die tempel. Toe het hy vir my
gesê: “Dit is die Allerheiligste.”[h]

**5** En hy het die muur van
die huis gemeet: ses el. En die
breedte van die syvertrek was
vier el, rondom; dit was aan alle
kante rondom die huis.[a] **6** En
die syvertrekke was syvertrek
op syvertrek, drie verdiepings,
en dertig op elkeen; en hulle
het in die muur ingegaan wat
by die huis behoort het, dit wil
sê die syvertrekke rondom, so-
dat hulle steun kon hê, maar
hulle het nie steun in die muur
van die huis gehad nie.[b] **7** En
na die syvertrekke toe het dit
breër geword en spiraalsgewys
al hoër gegaan, want die wentel-
gang van die huis het al hoër ge-
gaan rondom die huis.[c] Daarom
het dit in die huis breër geword
na boontoe, en van die onderste
verdieping af kon ’n mens deur
die middelste verdieping na die
boonste verdieping[d] opgaan.

**8** En ek het gesien dat daar
vir die huis ’n hoë platform
rondom was. Wat die fondamen-
te van die syvertrekke betref,
daar was ’n volle riet van ses el
tot by die verbinding.[e] **9** Die
breedte van die muur wat by die
syvertrek behoort het, aan die
buitekant, was vyf el. En daar is
’n ruimte oopgelaat by die bou
van die syvertrekke wat by die
huis behoort het.

**10** En tussen die eetkamers[f]
was die breedte twintig el aan
alle kante rondom die huis.
**11** En die ingang van die sy-
vertrek was na die oopgelate
ruimte toe, een ingang na die
noorde toe en een ingang na die
suide toe; en die breedte van
die oopgelate ruimte was vyf el
rondom.

**12** En die gebou wat voor die
afgesonderde ruimte gestaan
het, waarvan die sykant na die
weste toe was, was sewentig el
breed. En die muur van die ge-
bou was vyf el breed, heeltemal

**HFST. 40**
a Le 8:35, Nu 3:7, Nu 3:32, 1Kr 9:23, 2Kr 13:11, Ps 134:1
b Le 6:12, Nu 18:5
c 1Kn 2:35, Ese 43:19
d Nu 16:40, Ese 44:15
e 1Kn 6:3, 2Kr 3:4
f 1Kn 7:21, Jer 52:17, Op 3:12

**HFST. 41**
g 1Kn 6:20, 2Kr 3:8
h Eks 26:33

**Tweede kol.**
a 1Kn 6:5
b 1Kn 6:6, 1Kn 6:10
c 1Kn 6:8
d Ese 42:5
e Ese 40:5
f 1Kr 28:12

rondom; en die lengte daarvan
was negentig el.
**13** En hy het die huis ge-
meet: honderd el lank; en die af-
gesonderde ruimte en die gebou
en sy mure: honderd el lank.
**14** En die breedte van die voor-
kant van die huis en die af-
gesonderde ruimte na die ooste
toe was honderd el.
**15** En hy het die lengte van
die gebou voor die afgesonder-
de ruimte, wat aan die agter-
kant daarvan was, en die gale-
rye daarvan aan hierdie kant en
aan die ander kant gemeet: hon-
derd el.
Ook die tempel en die bin-
neste plek[a] en die portale van
die voorhof; **16** die drumpels
en die vensters met rame wat
al hoe smaller word[b] en die ga-
lerye was rondom al drie. Teen-
oor die drumpel was daar rond-
om houtpaneelwerk,[c] en van
die vloer af tot by die ven-
sters; en die vensters was be-
dek. **17** Tot bo die ingang en
tot by die binneste huis en aan
die buitekant en op die hele
muur rondom, aan die binne-
ste huis en aan die buitekant,
was daar vaste mate, **18** ook
gegraveerde gerubs[d] en palm-
boomfigure,[e] met 'n palmboom-
figuur tussen 'n gerub en 'n
gerub, en die gerub het twee
gesigte gehad.[f] **19** En die ge-
sig van 'n mens was na die
palmboomfiguur toe aan hier-
die kant, en die gesig van 'n jong
maanhaarleeu was na die palm-
boomfiguur toe aan die ander
kant;[g] hulle was rondom in die
hele huis gegraveer. **20** Van
die vloer af tot bo die ingang
was daar gegraveerde gerubs en
palmboomfigure, op die muur
van die tempel.
**21** Wat die tempel betref, die
deurpos was vierkantig;[h] en
voor die heiligdom was daar
iets wat soos volg gelyk het:
**22** die houtaltaar was drie el
hoog, en sy lengte was twee el,
en dit het sy hoekstutte gehad.[a]
En sy lengte en sy kante was
van hout. En hy het vir my ge-
sê: "Dit is die tafel wat voor Je-
hovah is."[b]
**23** En die tempel en die hei-
ligdom het twee deure gehad.[c]
**24** En twee deurvleuels het by
die deure behoort; die twee kon
draai. Die een deur het twee
deurvleuels gehad, en die ander
een het twee deurvleuels ge-
had. **25** En daarop, op die deu-
re van die tempel, is gerubs en
palmboomfigure[d] aangebring,
soos dié wat op die mure aan-
gebring is, en daar was 'n hout-
afdak oor die voorkant van
die portaal, aan die buitekant.
**26** En daar was vensters met
rame wat al hoe smaller word[e]
en palmboomfigure aan weers-
kante aan die sykante van die
portaal en die syvertrekke van
die huis en die afdakke.

**42** En hy het my geleide-
lik met die weg na die
noorde[f] na die buitenste voor-
hof uitgebring.[g] En hy het my
na die eetkamerblok[h] gebring
wat teenoor die afgesonderde
ruimte[i] en teenoor die gebou
na die noorde was. **2** Voor die
lengte van honderd el was die
noordelike ingang, en die breed-
te was vyftig el. **3** Teenoor die
twintig el wat by die binneste
voorhof[j] behoort het en teen-
oor die plaveisel[k] wat by die
buitenste voorhof behoort het,
was galery[l] teenoor galery in
drie verdiepings. **4** En voor
die eetkamers was 'n gang van
tien el breed na die binnekant
toe,[m] 'n weg van een el, en hulle
ingange was na die noorde toe.
**5** En wat die eetkamers betref,
die boonstes was korter, want

**HFST. 41**
a 2Kr 3:8, Ese 41:4
b 1Kn 6:4
c 1Kn 6:15, 2Kr 3:5
d 1Kn 6:29, 1Kn 7:36, 2Kr 3:7
e Ese 40:16
f Ese 10:14
g Ese 1:10, Op 4:7
h 1Kn 6:33

**Tweede kol.**
a Eks 30:1, 1Kn 7:48, 2Kr 4:19, Op 8:3
b Ese 44:16, Mal 1:7
c 1Kn 6:32, 2Kr 4:22
d Ese 41:18
e Ese 40:16

**HFST. 42**
f Ese 40:20, Op 11:2
g Ese 40:2, Ese 41:1
h Ese 42:13
i Ese 41:12, Ese 41:15
j Ese 41:10
k 2Kr 7:3, Ese 40:18
l Ese 41:16
m Ese 42:11

die galerye het ruimte van hulle
weggeneem, meer as van die on-
derstes en van die middelstes,
wat die gebou betref. **6** Want
hulle was in drie verdiepings,[a]
en hulle het geen pilare gehad
soos die pilare van die voorho-
we nie. Daarom is meer ruim-
te weggeneem as van die onder-
stes en van die middelstes van
die vloer af.

**7** En die klipmuur wat bui-
te was, was naby die eetkamers
in die rigting van die buiten-
ste voorhof voor die ander eet-
kamers. Die lengte daarvan was
vyftig el. **8** Want die lengte
van die eetkamers wat na die
buitenste voorhof toe was, was
vyftig el, en kyk! voor die tem-
pel was dit honderd el. **9** En
onder hierdie eetkamers was
die ingang na die ooste toe,
wanneer 'n mens hulle uit die
buitenste voorhof binnekom.

**10** In die breedte van die
klipmuur van die voorhof na die
ooste toe, voor die afgesonderde
ruimte[b] en voor die gebou, was
daar eetkamers.[c] **11** En daar
was 'n weg voor hulle wat gelyk
het soos dié van die eetkamers
wat na die noorde toe was,[d] so
was hulle lengte en so was hul-
le breedte; en al hulle uitgange
was eenders, en hulle plan een-
ders en hulle ingange eenders.
**12** En soos die ingange van die
eetkamers wat na die suide toe
was, was die ingang aan die bo-
punt van die weg, die weg voor
die ooreenstemmende klipmuur
na die ooste toe, wanneer 'n
mens hulle binnekom.[e]

**13** En hy het vir my gesê:
"Die noordelike eetkamers en
die suidelike eetkamers wat
voor die afgesonderde ruimte
is,[f] dit is die heilige eetkamers,
waar die priesters wat nader
kom[g] na Jehovah toe, die hoog-
heilige dinge eet.[a] Daar sit hul-
le die hoogheilige dinge en die
graanoffer en die sondoffer en
die skuldoffer neer, want die
plek is heilig.[b] **14** Wanneer
hulle, die priesters, ingekom
het, dan mag hulle nie uit die
heiligdom na die buitenste voor-
hof uitgaan nie, maar daar moet
hulle hulle klere neersit waar-
in hulle gewoonlik diens doen,[c]
want dié is heilig. Hulle moet
ander klere aantrek[d] en moet
nader kom na wat met die volk
te doen het."

**15** En hy het die afmetings
van die binneste huis voltooi, en
hy het my uitgebring deur die
poort waarvan die voorkant na
die ooste toe was,[e] en hy het dit
rondom gemeet.

**16** Hy het die oostekant met
die meetriet gemeet. Dit was
vyfhonderd riet, met die meet-
riet,[f] rondom.

**17** Hy het die noordekant ge-
meet: vyfhonderd riet, met die
meetriet, rondom.

**18** Die suidekant het hy ge-
meet: vyfhonderd riet, met die
meetriet.

**19** Hy het omgegaan na die
westekant. Hy het vyfhonderd
riet gemeet, met die meetriet.

**20** Aan die vier kante het
hy dit gemeet. Dit het 'n muur
rondom gehad,[g] met 'n lengte
van vyfhonderd riet en 'n breed-
te van vyfhonderd riet,[h] om 'n
skeiding te maak tussen wat
heilig en wat ongewyd is.[i]

**43** Toe het hy my na die
poort laat gaan, die poort
wat na die ooste kyk.[j] **2** En
kyk! die heerlikheid[k] van die
God van Israel het uit die oos-
te gekom,[l] en sy stem was soos
die stem van baie waters;[m] en
die aarde het geblink weens sy
heerlikheid.[n] **3** En dit het ge-
lyk soos die visioen wat ek

HFST. 42
a 1Kn 6:8; Ese 41:6
b Ese 41:12
c Ese 42:1
d Ese 42:4
e Ese 42:9
f Ese 42:1
g Nu 16:5; De 21:5; Ese 40:46

Tweede kol.
a Le 6:16; Le 7:6; Le 10:13; Le 24:9; Nu 18:10
b Le 2:3; Nu 18:9; Ne 13:5
c Eks 28:40; Eks 29:8; Le 8:13; Ese 44:19
d Jes 61:10
e Ese 40:6
f Ese 40:5
g Ese 40:5
h Ese 45:2
i Le 10:10; Ese 22:26; Ese 44:23; 2Ko 6:17; Op 21:27

HFST. 43
j Ese 10:19; Ese 40:6; Ese 42:15; Ese 44:1
k Jes 6:3; Ese 3:23; Ese 9:3
l Ese 11:23
m Ps 29:3; Ese 1:24; Joh 12:29
n Jes 60:1; Ese 10:4; Hab 2:14; Op 21:23

gesien het,[a] soos die visioen wat
ek gesien het toe ek gekom het
om die stad te verwoes;[b] en daar
was verskynings soos die ver-
skyning wat ek by die Kebarri-
vier gesien het,[c] en ek het op
my gesig geval.

**4** En die heerlikheid[d] van Je-
hovah het in die huis inge-
kom deur die poort waarvan
die voorkant na die ooste toe
was.[e] **5** En 'n gees het my op-
gehef[f] en my in die binneste
voorhof ingebring, en kyk! die
Huis was gevul met die heer-
likheid van Jehovah.[g] **6** En ek
het iemand uit die Huis met
my hoor praat,[h] en die man het
langs my gestaan.[i] **7** En Hy
het vir my gesê:

"Mensekind, dit is die plek
van my troon[j] en die plek van
my voetsole,[k] waar ek tot onbe-
paalde tyd in die midde van die
kinders van Israel sal woon;[l] en
hulle, die huis van Israel, sal nie
meer my heilige naam veront-
reinig nie,[m] hulle en hulle ko-
nings,[n] deur hulle hoerery en
deur die lyke[o] van hulle konings
by hulle dood, **8** deurdat hul-
le hulle drumpel by my drum-
pel sit en hulle deurpos langs
my deurpos, met die muur tus-
sen my en hulle.[p] En hulle het
my heilige naam verontreinig
deur hulle verfoeilike dinge wat
hulle gedoen het,[q] sodat ek hul-
le in my toorn uitgeroei het.[r]
**9** Laat hulle nou hulle hoerery[s]
en die lyke van hulle konings
ver van my af verwyder,[t] en ek
sal beslis tot onbepaalde tyd in
hulle midde woon.[u]

**10** "Wat jou betref, o mense-
kind, lig die huis van Israel in
omtrent die Huis,[v] sodat hul-
le weens hulle oortredings ver-
neder kan voel,[w] en hulle moet
die voorbeeld meet. **11** En as
hulle verneder voel weens al-
les wat hulle gedoen het, moet
jy die grondplan van die Huis[a]
en sy uitleg en sy uitgange en
sy ingange, en al sy grondplan-
ne en al sy spesifikasies, en al
sy grondplanne en al sy wette
aan hulle bekend maak en dit
voor hulle oë opskryf, sodat hul-
le op sy hele grondplan en al sy
spesifikasies kan let en dit kan
uitvoer.[b] **12** Dit is die wet van
die Huis. Op die top van die berg
is sy hele gebied rondom iets
hoogheiligs.[c] Kyk! Dit is die wet
van die Huis.

**13** "En dit is die afmetings
van die altaar in elle,[d] met 'n el
wat 'n el en 'n handbreedte is.[e]
En die onderkant daarvan is 'n
el. En die breedte is 'n el. En
die opstaande rand daarvan is
op die buiterand daarvan rond-
om: een span. En dit is die voet-
stuk van die altaar. **14** En van
die onderkant op die vloer tot
by die onderste omlysting is
twee el, en die breedte is een
el. En van die klein omlysting
tot by die groot omlysting is
vier el, en die breedte daarvan
is 'n el. **15** En die altaarherd
is vier el, en van die altaarherd
af en boontoe is die vier ho-
rings.[f] **16** En die altaarherd is
twaalf el lank, met 'n breedte
van twaalf el,[g] vierkantig aan
sy vier kante.[h] **17** En die om-
lysting is veertien el lank, met
'n breedte van veertien el, aan
die vier kante daarvan; en die
opstaande rand daarom is 'n
halwe el, en die onderkant daar-
van is 'n el rondom.

"En die trappe daarvan kyk
na die ooste."

**18** En hy het vir my gesê:
"Mensekind, só het die Soewe-
reine Heer Jehovah gesê: 'Dit is
die insettinge van die altaar op
die dag dat dit gemaak word,
om heelbrandoffers[i] daarop te
offer en om bloed[j] daarop te
sprinkel.'

**HFST. 43**

a Ese 1:4
b Jer 1:10
c Ese 1:3, Ese 3:23
d Ese 10:19
e Ese 44:2
f Ese 3:12, Ese 8:3, Ese 11:24
g Eks 40:34, 1Kn 8:10, 2Kr 5:14, Jes 6:3, Ese 44:4
h Op 16:1
i Ese 40:3
j Ps 47:8, Jes 6:1, Jer 3:17, Ese 1:26
k 1Kr 28:2, Ps 99:5
l Eks 29:45, Ps 68:16, Ps 132:14, Jl 3:17, 2Ko 6:16
m Ese 39:7, Ho 14:8, Sag 13:2
n 1Kn 11:7, 2Kn 21:2, 2Kr 33:7
o Jer 16:18
p 2Kn 16:14, Ese 8:3
q Am 2:7
r Da 9:12
s Ho 2:2
t Ese 37:23
u Ese 37:26, 2Ko 6:16
v Ese 40:4
w Ese 16:63, Ro 6:21

**Tweede kol.**

a Ese 44:5, Heb 8:5
b Ese 11:20, Ese 36:27, Joh 13:17
c Ps 93:5, Ese 40:2, Ese 42:20
d Eks 27:1, 2Kr 4:1
e Ese 40:5
f Eks 27:2, Op 9:13
g 2Kr 4:1
h Eks 38:1
i Eks 40:29
j Le 1:5, Le 8:19, Ese 45:19

**19** “‘En jy moet aan die Le-
vitiese priesters,[a] wat van die
nageslag van Sadok is,[b] dié wat
nader kom na my toe’,[c] is die
woord van die Soewereine Heer
Jehovah, ‘om my te dien, ’n jong
bul uit die beeste as ’n sond-
offer[d] gee. **20** En jy moet van
sy bloed neem en dit aan die
vier horings daarvan en aan
die vier hoeke van die omlys-
ting en aan die opstaande rand
rondom smeer en dit van son-
de reinig[e] en daarvoor versoe-
ning doen.[f] **21** En jy moet die
jong bul neem, die sondoffer, en
dit moet op die bestemde plek
van die Huis verbrand word,
buite die heiligdom.[g] **22** En op
die tweede dag moet jy ’n bok-
ram sonder gebrek as ’n sondof-
fer nader bring; en hulle moet
die altaar van sonde reinig net
soos hulle dit met die jong bul
van sonde gereinig het.’

**23** “‘Wanneer jy met die rei-
niging van sonde klaar is, moet
jy ’n jong bul sonder gebrek
uit die beeste en ’n ram son-
der gebrek uit die kleinvee na-
der bring. **24** En jy moet hul-
le nader bring voor Jehovah, en
die priesters moet sout daarop
gooi en dit as ’n heelbrandoffer
aan Jehovah bring.[h] **25** Sewe
dae lank moet jy ’n bokram as ’n
sondoffer vir die dag bring;[i] en
’n jong bul uit die beeste en ’n
ram uit die kleinvee, volmaak-
tes, moet hulle offer. **26** Sewe
dae lank moet hulle vir die al-
taar versoening doen,[j] en hulle
moet dit reinig en dit inwy.
**27** En hulle moet die dae vol-
tooi. En op die agtste dag[k] en
daarna moet die priesters jul-
le heelbrandoffers en julle ge-
meenskapsoffers op die altaar
bring; en ek sal beslis behae in
julle hê’,[l] is die woord van die
Soewereine Heer Jehovah.”

**44** En hy het my terugge-
bring deur die poort van
die heiligdom, die buitenste
poort wat na die ooste kyk,[a] en
dit was gesluit.[b] **2** Toe het Je-
hovah vir my gesê: “Wat hierdie
poort betref, dit moet gesluit
bly. Dit mag nie oopgemaak
word nie, en ’n blote mens mag
nie daardeur inkom nie; want
Jehovah, die God van Israel,[c]
het daardeur ingekom, en dit
moet gesluit bly. **3** Maar die
owerste[d]—as owerste sal hy
daarin sit, om voor Jehovah
brood te eet.[e] Hy moet deur die
portaal van die poort inkom en
hy moet daardeur uitgaan.”[f]

**4** En hy het my toe deur die
noordpoort tot voor die Huis
gebring, sodat ek kon sien, en
kyk! die heerlikheid van Jeho-
vah het die huis van Jehovah
gevul.[g] En ek het op my ge-
sig geval.[h] **5** Toe het Jehovah
vir my gesê: “Mensekind, rig
jou hart daarop[i] en kyk met
jou oë en hoor met jou ore al-
les wat ek vir jou sê oor al die
insettinge van die huis van Je-
hovah en oor al die wette daar-
van, en jy moet jou hart rig
op die ingang van die Huis met
al die uitgange van die heilig-
dom. **6** En jy moet vir Opstan-
digheid,[j] vir die huis van Is-
rael, sê: ‘Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: “Dit is ge-
noeg van julle weens al julle
verfoeilike dinge, o huis van Is-
rael,[k] **7** wanneer julle die uit-
landers, onbesnede van hart en
onbesnede van vlees,[l] inbring
om in my heiligdom te wees om
dit, ja, my huis, te ontheilig;
wanneer julle my brood,[m] vet[n]
en bloed,[o] aanbied, terwyl hulle
voortdurend my verbond weens
al julle verfoeilike dinge ver-
breek.[p] **8** Julle het nie die ver-
pligting ten opsigte van my hei-
lige dinge nagekom nie,[q] en ook

**HFST. 43**
a Jes 61:6; Jer 33:18; 1Pe 2:5
b Ese 40:46; Ese 44:15; Ese 48:11
c Nu 16:40
d Eks 29:10; Le 8:14; Heb 7:27
e Eks 29:36; Le 4:26
f Le 8:15; Le 16:19; Heb 9:23
g Eks 29:14; Le 8:17; Heb 13:11
h Le 2:13
i Eks 29:35
j Le 8:34
k Le 9:1
l Job 42:8; Ese 20:40; Ro 12:1; 1Pe 2:5

**Tweede kol.**

**HFST. 44**
a Ese 43:1
b Ese 46:1
c Eks 24:10; Ese 43:2
d Ps 45:16; Jes 32:1
e Ge 31:54; De 12:7; 1Ko 10:18
f Ese 40:9; Ese 46:2
g Jes 6:3; Ese 3:23; Ese 10:4
h Ge 17:3; Ese 1:28
i De 32:46; 2Kr 11:16; Spr 24:32; Ese 40:4
j De 31:27; Jes 1:20; Jes 30:9; Ese 2:5
k Ese 45:9; 1Pe 4:3
l Le 22:25; Han 21:28
m Le 21:6; Mal 1:7
n Le 3:16
o Le 17:11
p Le 26:15; De 31:16; Jer 11:10; Heb 8:9
q Le 22:2; Nu 18:3; Han 7:53

het julle nie ander aangestel om die verpligting teenoor my in my heiligdom vir julle na te kom nie.” ’[a]

**9** “ ‘Só het die Soewereine Heer Jehovah gesê: “Geen uitlander, onbesnede van hart en onbesnede van vlees, mag in my heiligdom inkom nie, dit wil sê geen uitlander wat onder die kinders van Israel is nie.” ’[b]

**10** “ ‘Maar wat die Leviete betref wat ver van my verwyderd geraak het[c] toe Israel, wat van my af weggedwaal het, agter hulle drekgode aan gedwaal het, hulle moet ook hulle oortreding dra.[d] **11** En in my heiligdom moet hulle dienaars word in poste van toesig oor die poorte van die Huis en dienaars in die Huis.[e] Hulle moet die heelbrandoffer en die offerande vir die volk slag,[f] en hulle moet voor hulle staan om hulle te dien.[g] **12** Omdat hulle hulle voor hulle drekgode bly dien het[h] en vir die huis van Israel ’n struikelblok tot oortreding geword het,[i] daarom het ek my hand teen hulle opgehef’,[j] is die woord van die Soewereine Heer Jehovah, ‘en hulle moet hulle oortreding dra. **13** En hulle sal nie nader kom na my toe om my as priester te dien of om nader te kom na enige van my heilige dinge, na die hoogheilige dinge[k] nie, en hulle moet hulle vernedering dra en hulle verfoeilike dinge wat hulle gedoen het.[l] **14** En ek sal hulle beslis die verpligting ten opsigte van die Huis laat nakom, met betrekking tot die hele diens daarvan en met betrekking tot alles wat daarin gedoen moet word.’[m]

**15** “ ‘En wat die Levitiese priesters[n] betref, die seuns van Sadok,[o] wat die verpligting ten opsigte van my heiligdom nagekom het toe die kinders van Israel van my af weggedwaal het,[a] hulle sal nader kom na my toe om my te dien, en hulle moet voor my staan[b] om vir my die vet[c] en die bloed[d] aan te bied’, is die woord van die Soewereine Heer Jehovah. **16** ‘Húlle sal in my heiligdom inkom,[e] en hulle sal nader kom na my tafel om my te dien,[f] en hulle moet die verpligting teenoor my nakom.[g]

**17** “ ‘En wanneer hulle in die poorte van die binneste voorhof kom, moet hulle linneklere dra, en geen wol mag op hulle kom wanneer hulle in die poorte van die binneste voorhof en daarbinne dien nie.[h] **18** Linnehooftooisels moet op hulle kop wees,[i] en linnebroeke moet aan hulle heupe wees.[j] Hulle mag hulle nie omgord met iets wat hulle laat sweet nie. **19** En wanneer hulle uitgaan na die buitenste voorhof, ja, na die buitenste voorhof na die volk toe, moet hulle hulle klere uittrek waarin hulle gedien het,[k] en hulle moet dit in die heilige eetkamers[l] neersit en ander klere aantrek, sodat hulle die volk nie met hulle klere heilig nie.[m] **20** En hulle kop mag hulle nie kaal skeer nie,[n] en die hare mag hulle nie los dra nie. Hulle moet vir seker die hare van hulle kop knip.[o] **21** En geen priester mag wyn drink wanneer hy in die binneste voorhof kom nie.[p] **22** En hulle mag geen weduwee of geskeide vrou vir hulle as vrou neem nie,[q] maar maagde uit die nageslag van die huis van Israel[r] of die weduwee wat die weduwee van ’n priester is, mag hulle neem.’

**23** “ ‘En hulle moet my volk onderrig in die verskil tussen wat heilig en wat onheilig is; en die verskil tussen wat onrein en wat rein is, moet hulle aan hulle bekend maak.[s] **24** En in

**HFST. 44**
a 1Kr 23:32
b Ps 50:16; Jl 3:17; Sag 14:21
c 2Kn 23:8; 2Kr 29:5; Ne 9:34; Jer 23:11; Ese 8:12
d Ese 48:11
e 1Kr 26:1
f 2Kr 29:34
g Nu 16:9
h Ese 6:13
i Jes 9:16; Mal 2:8
j De 32:40; Ps 106:26
k Nu 18:3; 2Kn 23:9
l Ese 32:30
m Nu 18:4; 1Kr 23:28; 1Kr 23:32
n Ese 40:46; Ese 43:19
o 1Kn 2:35

**Tweede kol.**
a Ese 44:10; Ese 48:11
b De 10:8; Ese 43:19
c Le 3:16
d Le 17:6
e Op 1:6
f Ese 41:22; Mal 1:7
g Nu 18:7
h Eks 28:39; Eks 39:27; Le 16:4; Op 19:8
i Eks 28:40; Eks 39:28
j Eks 28:42
k Le 6:10; Ese 42:14
l Ese 42:13
m Eks 30:29; Le 6:27
n Le 21:5; De 14:1
o 1Ko 11:14
p Le 10:9; Lu 1:15
q Le 21:7
r Le 21:14
s Le 10:10; Ese 22:26; Mal 2:7

’n regsaak moet hulle staan om
reg te spreek;[a] volgens my reg-
terlike beslissings moet hulle
daarin regspreek.[b] En my wet-
te en my insettinge met betrek-
king tot al my feestye[c] moet
hulle onderhou, en my sabbat-
te moet hulle heilig.[d] **25** En
by ’n dooie mens mag hy nie
kom sodat hy onrein word nie,
maar vir ’n vader of vir ’n moe-
der of vir ’n seun of vir ’n dog-
ter of vir ’n broer of vir ’n
suster wat nie aan ’n man be-
hoort nie, mag hulle hulle on-
rein maak.[e] **26** En ná sy reini-
ging moet hulle vir hom sewe
dae aftel.[f] **27** En op die dag
dat hy in die heiligdom inkom,
in die binneste voorhof, om in
die heiligdom te dien, moet hy
sy sondoffer[g] aanbied’, is die
woord van die Soewereine Heer
Jehovah.

**28** “‘En dit sal vir hulle ’n
erfdeel word: Ek is hulle erf-
deel.[h] En geen besitting moet
julle hulle in Israel gee nie:
Ek is hulle besitting. **29** Die
graanoffer en die sondoffer en
die skuldoffer—húlle moet
dit eet.[i] En alles in Israel wat
gewy is—dit sal hulle s’n word.[j]
**30** En die eerstelinge van al die
eerste ryp vrugte van alles en
elke bydrae van alles uit al jul-
le bydraes—dit sal die priesters
s’n word;[k] en die eerstelinge
van julle growwe meel moet jul-
le aan die priester gee,[l] om ’n
seën op jou huis te laat rus.[m]
**31** Niks wat doodgegaan het en
niks wat verskeur is, van die
voëls of van die diere, mag die
priesters eet nie.’[n]

**45** “‘En wanneer julle die
land as erfdeel toewys,[o]
moet julle ’n bydrae vir Jeho-
vah aanbied,[p] ’n heilige deel uit
die land;[q] wat lengte betref, vyf-
en-twintigduisend el lank, en
wat breedte betref, tiendui-
send.[a] Dit moet ’n heilige deel
binne al sy grense rondom wees.
**2** Hiervan moet daar vir die
heiligdom vyfhonderd by vyf-
honderd wees, rondom vierkan-
tig gemaak;[b] en dit moet vyf-
tig el as weiveld aan elke kant
hê.[c] **3** En uit hierdie afmeting
moet jy die lengte van vyf-en-
twintigduisend en die breedte
van tienduisend meet, en daar-
in moet die heiligdom wees,
iets hoogheiligs.[d] **4** As ’n hei-
lige deel uit die land moet dit
vir die priesters wees,[e] die die-
naars van die heiligdom, dié wat
nader kom om Jehovah te dien.[f]
En vir hulle moet dit ’n plek vir
huise wees, en ’n heilige plek vir
die heiligdom.

**5** “‘Daar moet vyf-en-twin-
tigduisend in lengte en tiendui-
send in breedte wees.[g] Dit moet
die Leviete s’n word’, die die-
naars van die Huis. As ’n besit-
ting moet hulle twintig eetka-
mers[h] hê.

**6** “‘En as die stadsbesitting
moet julle ’n breedte van vyf-
duisend en ’n lengte van vyf-
en-twintigduisend gee, net soos
die heilige bydrae.[i] Aan die hele
huis van Israel moet dit be-
hoort.

**7** “‘En vir die owerste moet
daar aan weerskante van die
heilige bydrae[j] en van die stads-
besitting, langs die heilige by-
drae en langs die stadsbesit-
ting, iets aan die westekant
weswaarts en iets aan die oos-
tekant ooswaarts wees. En dit
moet net so lank soos een van
die stamdele wees, van die wes-
telike grens af tot by die ooste-
like grens.[k] **8** Wat die land be-
tref, dit sal syne word as ’n
besitting in Israel. En my ower-
stes sal my volk nie meer sleg
behandel nie,[l] en hulle sal die
land aan die huis van Israel gee
volgens hulle stamme.’[m]

**HFST. 44**
a De 17:9
b 1Kr 23:4; 2Kr 19:8
c Le 23:2
d Jes 58:13; Ese 22:26
e Le 21:2
f Nu 19:12
g Le 4:3; Le 8:14
h Nu 18:20; De 10:9; De 18:1; Jos 13:14; Jos 13:33; Ese 45:4
i Le 2:3; Le 6:18; Le 7:6; 1Ko 9:13; Heb 13:10
j Le 27:21; Nu 18:14
k Eks 23:19; Nu 3:13; Nu 18:12; Nu 18:27; De 18:4; 2Kr 31:4; 2Kr 31:10; Ne 10:35
l Nu 15:20; Ne 10:37
m Spr 3:9; Mal 3:10
n Eks 22:31; Le 22:8; De 14:21

**HFST. 45**
o Jos 14:2; Ese 47:22
p Spr 3:9; Ese 48:8
q Ese 48:20

**Tweede kol.**
a Ese 48:9
b Ese 42:20
c Jos 21:2
d Ese 48:10
e Ese 48:11
f Nu 16:5; Ese 40:46; Ese 43:19
g Ese 48:10; Ese 48:13
h 1Kr 9:26; Ese 40:17
i Ese 48:15
j Ese 46:16
k Ese 48:21
l Spr 28:16; Jes 32:1; Jes 60:17; Jer 22:17; Jer 23:5; Ese 22:27; Ese 46:18; Mi 3:1
m Jos 11:23

9 “Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: ‘Dit is ge-
noeg, o owerstes van Israel!’[a]
“ ‘Verwyder die geweld en die
plundering,[b] en beoefen ge-
regtigheid en regverdigheid.[c]
Hef julle onteienings op van
my volk’,[d] is die woord van
die Soewereine Heer Jeho-
vah. 10 ‘Julle moet ’n akku-
rate weegskaal en ’n akkura-
te efa en ’n akkurate bat hê.[e]
11 Wat die efa en die bat be-
tref, daar moet net een vasge-
stelde hoeveelheid wees, sodat
die bat ’n tiende van ’n homer
bevat en die tiende van die ho-
mer ’n efa;[f] volgens die homer
moet die vereiste hoeveelheid
daarvan wees. 12 En die sik-
kel[g] is twintig gera.[h] Twintig
sikkels, vyf-en-twintig sikkels,
vyftien sikkels moet vir julle ’n
mine wees.’
13 “ ‘Dit is die bydrae wat jul-
le moet aanbied: die sesde deel
van die efa uit die homer koring
en die sesde deel van die efa
uit die homer gars; 14 en wat
die toegewese deel van die olie
betref, daar is die bat olie. Die
bat is ’n tiende van die kor. Tien
bat is ’n homer; want tien bat
is ’n homer. 15 En een skaap
uit die kleinvee, uit tweehon-
derd van die vee van Israel,[i] vir
die graanoffer[j] en vir die heel-
brandoffer[k] en vir die gemeen-
skapsoffers,[l] om vir hulle ver-
soening te doen’,[m] is die woord
van die Soewereine Heer Jeho-
vah.
16 “ ‘Wat die hele volk van
die land betref, hulle sal verant-
woordelik wees vir hierdie by-
drae[n] aan die owerste in Israel.[o]
17 En op die owerste[p] sal die
heelbrandoffers[q] en die graan-
offer[r] en die drankoffer[s] neer-
kom gedurende die feeste[t] en
gedurende die nuwemane[u] en
gedurende die sabbatte,[v] gedu-
rende al die feestye van die huis
van Israel.[a] Hy moet die sond-
offer en die graanoffer en die
heelbrandoffer en die gemeen-
skapsoffers voorsien, om vir die
huis van Israel versoening te
doen.’
18 “Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: ‘In die eer-
ste maand, op die eerste dag
van die maand, moet jy ’n jong
bul sonder gebrek[b] uit die bees-
te neem, en jy moet die heilig-
dom van sonde reinig.[c] 19 En
die priester moet van die bloed
van die sondoffer neem en dit
aan die deurpos[d] van die Huis
smeer en aan die vier hoeke van
die omlysting wat by die altaar
behoort[e] en aan die deurpos
van die poort van die binneste
voorhof. 20 En so moet jy op
die sewende dag van die maand
doen ter wille van enigiemand
wat ’n fout begaan[f] en ter wil-
le van enige onervarene; en jul-
le moet vir die Huis versoening
doen.[g]
21 “ ‘In die eerste maand,
op die veertiende dag van die
maand, moet vir julle die pasga
wees.[h] As ’n fees van sewe dae
moet ongesuurde koeke geëet
word.[i] 22 En op dié dag moet
die owerste, vir homself en vir
die hele volk van die land, ’n
jong bul as ’n sondoffer[j] voor-
sien. 23 En tydens die sewe
dae van die fees[k] moet hy elke
dag as ’n heelbrandoffer aan Je-
hovah sewe jong bulle en sewe
ramme sonder gebrek voorsien,
die sewe dae lank,[l] en daag-
liks ’n bokram as ’n sondoffer.[m]
24 En as ’n graanoffer moet hy
’n efa vir die jong bul en ’n efa
vir die ram voorsien, en wat olie
betref, ’n hin per efa.[n]
25 “ ‘In die sewende maand,
op die vyftiende dag van die
maand, gedurende die fees,[o]
moet hy dieselfde tydens die

HFST. 45
a Ese 44:6
b Ne 5:10 Ps 82:2 Jes 1:17
c Jer 22:3 Mi 6:8 Sag 8:16
d Job 24:2 Mi 2:2
e Le 19:36 Spr 11:1 Spr 16:11 Spr 20:10 Am 8:5 Mi 6:11
f Eks 16:36
g Eks 30:13 Le 27:25
h Nu 3:47
i Spr 3:9
j Le 2:1
k Le 1:10
l Le 3:1
m Le 1:4 Le 6:30 Heb 9:22
n Eks 30:14
o Jes 16:1
p Ese 45:22
q 1Kr 16:2 2Kr 30:24
r 1Kn 8:64
s Esr 6:9
t 2Kr 35:7
u 2Kr 8:13 2Kr 31:3
v Jes 66:23

Tweede kol.
a Le 23:2
b Le 22:20
c Le 16:16 Ese 43:26
d Ese 41:21 Ese 46:2
e Ese 43:20
f Le 4:27 Ps 19:12
g Le 16:20
h Le 23:5 Nu 9:2 Nu 28:16 De 16:1
i Eks 12:18 Le 23:6
j Le 4:14
k Le 23:8
l Job 42:8
m Nu 28:15
n Ese 46:5
o Le 23:34 2Kr 5:3

sewe dae[a] voorsien, dieselfde as
die sondoffer, as die heelbrand-
offer en as die graanoffer en as
die olie.’”

**46** “Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: ‘Wat
die poort van die binneste voor-
hof betref wat na die ooste
kyk,[b] dit moet gedurende die
ses werksdae[c] gesluit bly,[d] en
op die sabbatdag moet dit oop-
gemaak word, en op die dag van
die nuwemaan moet dit oopge-
maak word.[e] **2** En die owerste
moet deur die portaal van die
poort inkom,[f] van buite af, en by
die deurpos van die poort[g] gaan
staan; en die priesters moet sy
heelbrandoffer en sy gemeen-
skapsoffers offer, en hy moet
hom op die drumpel van die
poort neerbuig,[h] en hy moet uit-
gaan, maar die poort moet tot
die aand toe nie gesluit word
nie. **3** En die volk van die land
moet hulle op die sabbatte en
op die nuwemane by die ingang
van dié poort voor Jehovah
neerbuig.[i]

**4** “‘En die heelbrandoffer
wat die owerste op die sabbat-
dag vir Jehovah moet aanbied,
moet ses ramlammers sonder
gebrek en ’n ram sonder ge-
brek wees;[j] **5** en as ’n graan-
offer ’n efa vir die ram,[k] en
vir die ramlammers ’n graanof-
fer volgens wat hy kan gee,[l] en
wat olie betref, ’n hin per efa.[m]
**6** En op die dag van die nu-
wemaan[n] moet daar ’n jong bul
sonder gebrek uit die beeste
en ses ramlammers en ’n ram
wees; hulle moet sonder gebrek
wees.[o] **7** En ’n efa vir die jong
bul en ’n efa vir die ram moet
hy as ’n graanoffer bring, en vir
die ramlammers volgens wat hy
kan bekostig; en wat olie betref,
’n hin per efa.[p]

**8** “‘En wanneer die ower-
ste[q] inkom, moet hy deur die
portaal van die poort inkom,
en hy moet daardeur uitgaan.[a]
**9** En wanneer die volk van die
land in die feestye[b] voor Jeho-
vah inkom, moet hy wat deur
die noordpoort[c] inkom om hom
neer te buig, deur die suid-
poort[d] uitgaan; en hy wat deur
die suidpoort inkom, moet deur
die noordpoort uitgaan. Nie-
mand mag teruggaan deur
die poort waardeur hy inge-
kom het nie, want hy moet reg-
uit vorentoe uitgaan. **10** En
wat die owerste in hulle mid-
de betref, wanneer hulle in-
kom, moet hy inkom; en wan-
neer hulle uitgaan, moet hy
uitgaan.[e] **11** En op die fees-
te[f] en in die feestye moet die
graanoffer ’n efa vir die jong
bul en ’n efa vir die ram wees,
en vir die ramlammers volgens
wat hy kan gee; en wat olie be-
tref, ’n hin per efa.[g]

**12** “‘En as die owerste ’n
heelbrandoffer as ’n vrywilli-
ge gawe voorsien,[h] of ge-
meenskapsoffers as ’n vrywilli-
ge gawe aan Jehovah, dan moet
die poort wat na die ooste kyk[i]
vir hom oopgemaak word, en
hy moet sy heelbrandoffer en
sy gemeenskapsoffers voorsien
soos hy op die sabbatdag[j] doen.
En hy moet uitgaan, en die
poort moet gesluit word nadat
hy uitgegaan het.[k]

**13** “‘En jy moet elke dag ’n
ramlam sonder gebrek, in sy
eerste jaar, as ’n heelbrandoffer
aan Jehovah voorsien.[l] Oggend
na oggend moet jy dit voorsien.
**14** En as ’n graanoffer moet jy
oggend na oggend daarby die
sesde van ’n efa voorsien, en wat
olie betref, die derde van ’n hin
om die fynmeel te besprinkel.[m]
Die graanoffer aan Jehovah is
’n insetting wat tot onbepaal-
de tyd duur, altyddeur. **15** En
hulle moet die ramlam en die

**HFST. 45**
a Nu 29:12; De 16:13; 2Kr 7:8; Sag 14:16

**HFST. 46**
b Ese 40:32
c Eks 20:9
d Ese 44:2
e Ps 81:3; Jes 66:23
f Ese 44:3
g Ese 41:21
h 2Kr 29:29
i Jes 66:23; Lu 1:10
j Nu 28:9; Ese 45:17
k Nu 28:12; Ese 45:24
l De 16:17
m Le 14:21; Ese 46:11
n Am 8:5
o 1Kr 23:31
p Eks 16:36; Ese 45:24
q Ese 45:16; Ese 45:22

**Tweede kol.**
a Ese 46:2
b Eks 23:14; De 16:16
c Ese 40:20
d Ese 40:24
e 2Kr 7:4
f Le 23:2; Nu 29:1; De 16:10
g Ese 45:24; Ese 46:7
h Le 1:3; 1Kn 3:4
i Ese 46:1
j Ese 45:17
k Ese 46:2
l Eks 29:38; Nu 28:3
m Nu 28:5

graanoffer en die olie oggend na
oggend as ’n voortdurende heel-
brandoffer voorsien.’
**16** “Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: ‘As die
owerste aan elkeen van sy
seuns ’n geskenk gee as sy erf-
deel, sal dit die eiendom van sy
seuns word. Dit is hulle erfbe-
sitting. **17** En as hy uit sy erf-
deel ’n geskenk aan een van
sy knegte gee, dan sal dit syne
word tot die jaar van vryla-
ting;[a] en dit moet na die ower-
ste toe terugkom. Maar sy erf-
deel—wat sy seuns betref—
moet hulle s’n bly. **18** En die
owerste mag niks van die erf-
deel van die volk neem om hul-
le uit hulle besitting te verdring
nie.[b] Uit sy eie besitting moet
hy sy seuns ’n erfdeel gee, sodat
my volk nie verstrooi word, elk-
een uit sy besitting nie.’ ”[c]
**19** En hy het my deur die in-
gang[d] gebring wat by die sykant
van die poort was, na die hei-
lige eetkamers, dié wat aan die
priesters behoort het, wat na
die noorde gekyk het,[e] en kyk!
daar was ’n plek daar aan al-
bei agterkante, na die weste
toe. **20** En hy het vir my gesê:
“Dit is die plek waar die pries-
ters die skuldoffer en die sond-
offer[f] moet kook[g] en waar hulle
die graanoffer moet bak,[h] sodat
hulle niks na die buitenste voor-
hof uitbring waardeur hulle die
volk sou heilig nie.”[i]
**21** En hy het my na die bui-
tenste voorhof uitgebring en
my by die vier hoekstyle van die
voorhof verby laat gaan, en kyk!
daar was ’n voorhof by hier-
die hoekstyl van die voorhof,
’n voorhof by die ander hoek-
styl van die voorhof. **22** By
die vier hoekstyle van die voor-
hof was daar klein voorhowe,
veertig el lank en dertig breed.
Al vier met die hoekbousels
het dieselfde afmeting gehad.
**23** En daar was ’n ry rondom
hulle, rondom al vier, en daar is
kookplekke[a] gemaak onder die
rye rondom. **24** Toe het hy vir
my gesê: “Dit is die huise van
dié wat kook, waar die dienaars
van die Huis die offerande van
die volk kook.”[b]

**47** En geleidelik het hy my
teruggebring na die in-
gang van die Huis,[c] en kyk!
daar het water[d] onder die drum-
pel van die Huis uitgevloei, oos-
waarts,[e] want die voorkant van
die Huis was na die ooste toe.
En die water het van onder af-
gevloei, van die regterkant van
die Huis af, suid van die altaar.
**2** En hy het my geleidelik
deur die noordpoort[f] uitgebring
en my buite om geneem na die
buitenste poort wat na die oos-
te kyk,[g] en kyk! ’n straaltjie wa-
ter[h] het uit die regterkant ge-
vloei.
**3** Toe die man na die ooste
uitgaan met ’n meetsnoer in sy
hand,[i] het hy ook duisend el ge-
meet en my deur die water laat
gaan, water tot aan die enkels.
**4** En hy het nog duisend ge-
meet en my toe deur die wa-
ter laat gaan, water tot aan die
knieë.
En hy het nog duisend ge-
meet en my toe laat deurgaan
—water tot aan die heupe.
**5** En hy het nog duisend ge-
meet. Dit was ’n stroom waar-
deur ek nie kon gaan nie, want
die water het hoog geword, wa-
ter waarin geswem kon word,
’n stroom waardeur ’n mens nie
kon gaan nie.
**6** Daarop het hy vir my ge-
sê: “Het jy dit gesien, o mense-
kind?”
Toe het hy my laat loop en
my na die oewer van die stroom
laat terugkeer. **7** Toe ek te-

**HFST. 46**
a Le 25:10
b 1Kn 21:19; Ese 22:27
c Ese 34:5
d Ese 42:9
e Ese 42:1
f Ese 44:29
g Eks 29:31; 2Kr 35:13
h Le 2:4; Le 2:5
i Ese 44:19

**Tweede kol.**
a 1Sa 2:13
b 2Kr 35:13; Ese 46:20

**HFST. 47**
c Ese 41:2
d Jer 2:13; Sag 13:1; Sag 14:8
e Ese 43:4; Op 22:1
f Ese 40:20
g Ese 40:6; Ese 44:2
h Op 22:1
i Ese 40:3; Op 21:15

ruggekeer het, kyk! toe was
daar op die oewer van die
stroom ’n baie groot aan-
tal bome, aan hierdie kant en
aan die ander kant.[a] **8** En hy
het vir my gesê: “Hierdie wa-
ter vloei weg na die oosteli-
ke streek en sal deur die A′ra-
ba[b] afvloei. En dit sal by die
see kom.[c] Deurdat dit in die see
ingelei word,[d] word die water
daarvan ook gesond gemaak.
**9** En al die lewende siele wat
wemel,[e] sal oral waar die dub-
bele stroom kom, lewe kry. En
daar sal ’n baie groot aantal vis-
se wees, omdat hierdie water be-
slis daar sal kom, en die seewa-
ter sal gesond gemaak word,[f] en
alles sal lewe waar die stroom
kom.

**10** “En vissers sal daarlangs
staan, van En-Gedi[g] af tot by
En-Egla′im. Daar sal ’n droog-
werf vir sleepnette wees. Na
hulle soorte sal hulle visse
wees, soos die visse van die
Groot See,[h] ’n baie groot aantal.

**11** “Daar is die moerasagtige
plekke en die vleiagtige plekke
daarvan, en hulle sal nie gesond
gemaak word nie.[i] Aan die sout
sal hulle beslis oorgegee word.[j]

**12** “En langs die stroom,
langs sy oewer aan hierdie kant
en aan die ander kant, sal al-
lerhande bome vir voedsel op-
kom.[k] Hulle blare sal nie ver-
welk nie,[l] en ook sal hulle
vrugte nie opraak nie.[m] In hul-
le maande sal hulle nuwe vrug-
te dra, want die water vir hulle
—dit kom uit die heiligdom.[n] En
hulle vrugte sal as voedsel dien
en hulle blare tot genesing.”[o]

**13** Só het die Soewereine
Heer Jehovah gesê: “Dit is die
gebied wat julle as erfdeel aan
julle moet toewys as die land
vir die twaalf stamme van Is-
rael, met twee stukke grond
vir Josef.[p] **14** En julle moet
dit beërf, elkeen net soos sy
broer, die land waaroor ek my
hand in ’n eed opgehef het[a] om
dit aan julle voorvaders te gee;[b]
en hierdie land moet julle deur
die lot as erfdeel toeval.[c]

**15** “En dit is die grens van
die land aan die noordekant,
van die Groot See af langs die
weg na Hetlon,[d] soos ’n mens na
Sedad[e] kom, **16** Hamat,[f] Be-
ro′ta,[g] Sibra′im, wat tussen die
grens van Damaskus[h] en die
grens van Hamat lê; Ha′ser-
Hat′tikon, wat in die rigting
van die grens van Hauran[i] is.
**17** En die grens van die see
af moet Hasar-Enon[j] wees, die
grens van Damaskus en noord
—noordwaarts, en die grens
van Hamat.[k] Dit is die noorde-
kant.

**18** “En die oostekant is van
tussen Hauran[l] en Damaskus[m]
af en tussen Gi′lead[n] en die land
van Israel; die Jordaan,[o] van die
grens af tot by die oostelike see
moet julle meet. Dit is die ooste-
kant.

**19** “En die suidekant is na
die suide toe, van Tamar[p] af tot
by die waters van Me′ribat-Ka′-
des,[q] die stroomvallei[r] na die
Groot See. Dit is die suidekant,
in die rigting van die Negeb.

**20** “En die westekant is die
Groot See, van die grens af reg-
deur tot by die ingang na Ha-
mat.[s] Dit is die westekant.”

**21** “En julle moet hierdie
land onder julle verdeel, onder
die twaalf stamme van Israel.
**22** En julle moet dit as erf-
deel toewys aan julle[t] en aan
die inwonende vreemdelinge
wat as vreemdelinge onder jul-
le woon,[u] wat onder julle die
vader van kinders geword het.
En hulle moet vir julle soos ’n
boorling onder die kinders van
Israel word. Saam met julle sal
’n erfdeel hulle deur die lot

**HFST. 47**
a Op 22:2
b De 4:49
c Jos 3:16
d Ese 47:18; Sag 14:8
e Ge 1:20
f Ps 103:3
g Jos 15:62; 2Kr 20:2
h Nu 34:6; Jos 23:4; Ese 48:28
i Heb 10:26; Op 22:11
j De 29:23; Ps 107:34; Jer 17:6
k Ese 47:7
l Ps 1:3
m Jer 17:8
n Ese 47:1; Op 22:1
o Op 22:2
p Ge 48:5; 1Kr 5:1; Ese 48:5

**Tweede kol.**
a Ge 26:3; Nu 14:16
b Ge 28:13; Ese 20:42
c Spr 16:33; Ese 48:29
d Ese 48:1
e Nu 34:8
f Nu 13:21
g 2Sa 8:8
h Ge 14:15
i Ese 47:18
j Nu 34:9
k Ese 48:1
l Ese 47:16
m 2Sa 8:5
n Ge 31:23; Nu 32:1; Rig 10:8
o Ge 13:10
p Ese 48:28
q Nu 20:13; De 32:51; Ps 81:7
r 2Kn 24:7; Ese 48:28
s Jos 13:5; Ese 48:28
t Ese 47:13
u Ro 10:12; Ga 3:8; Op 7:9

toeval onder die stamme van Is-
rael.[a] 23 En in die stam waar
die inwonende vreemdeling as
’n vreemdeling gaan woon het,
daar moet julle hom sy erfdeel
gee”, is die woord van die Soe-
wereine Heer Jehovah.

**48** “En dit is die name van
die stamme. Van die
noordelike punt af, aan die kant
langs die pad van Hetlon[b] tot
by die ingang na Hamat,[c] Hasar-
Enan,[d] die grens van Damas-
kus, noordwaarts, aan die kant
van Hamat; en dit moet ’n oos-
telike grens en die westelike hê:
Dan,[e] een deel. 2 En aan die
grens van Dan, van die ooste-
like grens af tot by die wes-
telike grens: Aser,[f] een. 3 En
aan die grens van Aser, van
die oostelike grens af tot by die
westelike grens: Naf′tali,[g] een.
4 En aan die grens van Naf′ta-
li, van die oostelike grens af tot
by die westelike grens: Manas′-
se,[h] een. 5 En aan die grens
van Manas′se, van die oosteli-
ke grens af tot by die westeli-
ke grens: E′fraim,[i] een. 6 En
aan die grens van E′fraim, van
die oostelike grens af tot by die
westelike grens: Ruben,[j] een.
7 En aan die grens van Ruben,
van die oostelike grens af tot
by die westelike grens: Juda,[k]
een. 8 En aan die grens van
Juda, van die oostelike grens af
tot by die westelike grens, moet
die bydrae wat julle moet bydra
vyf-en-twintigduisend el breed
wees,[l] en die lengte volgens
een van die dele van die ooste-
like grens af tot by die westeli-
ke grens. En die heiligdom moet
daarin wees.[m]

9 “Wat die bydrae betref wat
julle vir Jehovah moet bydra,
die lengte moet vyf-en-twintig-
duisend el wees en die breed-
te tienduisend. 10 En daar-
volgens moet die heilige bydrae
vir die priesters wees,[a] aan die
noordekant vyf-en-twintigdui-
send el, en aan die westekant
’n breedte van tienduisend, en
aan die oostekant ’n breedte
van tienduisend, en aan die
suidekant ’n lengte van vyf-
en-twintigduisend. En die hei-
ligdom van Jehovah moet daar-
in wees.[b] 11 Dit moet vir die
priesters wees, dié wat geheilig
is uit die seuns van Sadok,[c] wat
die verpligting teenoor my na-
gekom het, wat nie afgedwaal
het toe die kinders van Israel
afgedwaal het, soos die Leviete
afgedwaal het nie.[d] 12 En hul-
le moet ’n bydrae uit die bydrae
van die land as iets hoogheiligs
kry, aan die grens van die Le-
viete.[e]

13 “En die Leviete moet, reg
langs die gebied van die pries-
ters, ’n lengte van vyf-en-twin-
tigduisend el kry,[f] en ’n breedte
van tienduisend; die hele lengte
is vyf-en-twintigduisend en die
breedte tienduisend.[g] 14 En
hulle mag niks daarvan verkoop
of verruil nie, en ook mag nie-
mand die beste van die land van
hulle laat weggaan nie; want dit
is iets heiligs vir Jehovah.[h]

15 “Wat die vyfduisend el be-
tref wat in die breedte langs
die vyf-en-twintigduisend oor-
bly, dit is iets ongewyds vir die
stad,[i] as ’n woonplek en as wei-
veld. En die stad moet daarin
wees.[j] 16 En dít is die stad se
afmetings: die noordekant, vier-
duisend-vyfhonderd el, en die
suidekant, vierduisend-vyfhon-
derd, en die oostekant, vierdui-
send-vyfhonderd, en die weste-
kant, vierduisend-vyfhonderd.
17 En die stad moet ’n weiveld
hê,[k] aan die noordekant, twee-
honderd-en-vyftig el, en aan
die suidekant, tweehonderd-en-
vyftig, en aan die oostekant,
tweehonderd-en-vyftig, en aan

HFST. 47
a Kol 3:11

HFST. 48
b Ese 47:15
c Nu 34:8
d Ese 47:17
e Ge 30:6
f Ge 30:13; Jos 19:24
g Ge 30:8; Jos 19:32
h Ge 41:51; Ge 48:14; Jos 13:29
i Ge 48:5; Jos 16:5; Jos 17:17
j Ge 49:3
k Ge 29:35; Jos 15:1; Jos 19:9
l Ese 45:1
m Op 21:3

Tweede kol.
a Nu 35:2; Jos 21:3; Ese 45:4
b Ese 48:8
c Ese 40:46; Ese 43:19; Ese 44:15
d Jer 23:11; Ese 22:26; Ese 44:10
e Ese 45:4
f De 12:19
g Ese 45:3
h Le 27:21
i Ese 45:6
j Ese 48:35
k Ese 45:2

die westekant, tweehonderd-en-
vyftig.
18 “En wat in die lengte oor-
bly, moet net soos die heili-
ge bydrae[a] wees, tienduisend el
aan die oostekant, en tiendui-
send aan die westekant; en dit
moet net soos die heilige bydrae
wees, en die opbrengs daarvan
moet brood wees vir dié wat die
stad dien.[b] 19 En dié uit al die
stamme van Israel wat die stad
dien, sal dit bewerk.[c]
20 “Die hele bydrae is vyf-
en-twintigduisend el by vyf-en-
twintigduisend. ’n Vierkantige
deel moet julle bydra as die hei-
lige bydrae saam met die stads-
besitting.
21 “En wat oorbly, moet aan
die owerste[d] behoort, aan weers-
kante van die heilige bydrae
en van die stadsbesitting,[e] langs
die vyf-en-twintigduisend el
van die bydrae tot by die oos-
telike grens; en aan die wes-
tekant langs die vyf-en-twintig-
duisend el tot by die westelike
grens.[f] Net soos die stamdele
—dit moet vir die owerste wees.
En die heilige bydrae en die hei-
ligdom van die Huis moet daar-
in wees.
22 “En wat die besitting van
die Leviete en die stadsbesit-
ting betref, in die midde van
wat aan die owerste behoort,
moet dit wees. Tussen die grens
van Juda[g] en die grens van Ben-
jamin moet dit aan die owerste
behoort.
23 “En wat die res van die
stamme betref, van die oosteli-
ke grens af tot by die weste-
like grens: Benjamin,[h] een deel.
24 En aan die grens van Benja-
min, van die oostelike grens
af tot by die westelike grens:
Si′meon,[i] een. 25 En aan die
grens van Si′meon, van die oos-
telike grens af tot by die wes-
telike grens: Is′saskar,[j] een.
26 En aan die grens van Is′-
saskar, van die oostelike grens
af tot by die westelike grens:
Se′bulon,[a] een. 27 En aan die
grens van Se′bulon, van die oos-
telike grens af tot by die wes-
telike grens: Gad,[b] een. 28 En
aan die grens van Gad, tot by
die suidelike grens, moet dit
suidwaarts wees; en die grens
moet van Tamar[c] af wees na die
waters van Me′ribat-Ka′des,[d] na
die stroomvallei,[e] tot by die
Groot See.[f]
29 “Dit sal die land wees wat
julle die stamme van Israel deur
die lot as erfdeel moet laat toe-
val,[g] en dit sal hulle dele wees”,[h]
is die woord van die Soewereine
Heer Jehovah.
30 “En dit moet die uitgange
van die stad wees: Aan die noor-
dekant moet die afmeting vier-
duisend-vyfhonderd el wees.[i]
31 “En die poorte van die
stad moet volgens die name van
die stamme van Israel wees,
drie poorte aan die noordekant:
die poort van Ruben, een; die
poort van Juda, een; die poort
van Levi, een.
32 “En aan die oostekant
moet daar vierduisend-vyfhon-
derd el wees, en drie poorte:
ja, die poort van Josef, een; die
poort van Benjamin, een; die
poort van Dan, een.
33 “En die afmeting van die
suidekant moet vierduisend-
vyfhonderd el wees, met drie
poorte: die poort van Si′me-
on, een; die poort van Is′saskar,
een; die poort van Se′bulon, een.
34 “Die westekant moet vier-
duisend-vyfhonderd el wees,
met drie poorte: die poort van
Gad, een; die poort van Aser,
een; die poort van Naf′tali, een.
35 “Rondom moet daar ag-
tienduisend el wees; en die
naam van die stad moet van dié
dag af wees: Jehovah is daar.”[j]

**HFST. 48**
a Ese 45:1
b 2Kn 25:3
c Ese 45:6
d Ps 45:16 Jes 32:1
e Ese 45:7
f Ese 48:8
g Ese 48:8
h Ge 35:18 Jos 18:21
i Ge 49:5 Jos 19:1
j Ge 49:14 Jos 19:17

**Tweede kol.**
a Ge 49:13 Jos 19:10
b Ge 30:11 Ge 49:19
c Ese 47:19
d Nu 20:13
e Ge 15:18
f Ese 47:15
g Nu 34:2 Nu 34:13 Jos 14:2
h Ese 47:13
i Ese 48:16
j Jer 3:17 Jl 3:21 Sag 2:10

# DANIËL

**1** In die derde jaar van die ko-
ningskap van Jo′jakim,[a] die
koning van Juda, het Nebukad-
ne′sar, die koning van Babilon,
na Jerusalem gekom en dit be-
leër.[b] **2** Na verloop van tyd
het Jehovah Jo′jakim, die ko-
ning van Juda,[c] en ’n gedeel-
te van die voorwerpe[d] van die
huis van die ware God in sy
hand gegee, sodat hy hulle na
die land Si′near[e] gebring het, na
die huis van sy god; en die voor-
werpe het hy na die skathuis
van sy god gebring.[f]
**3** Toe het die koning sy hoof-
hofbeampte[g] As′penas aange-
sê om sommige uit die kinders
van Israel en uit die koninkli-
ke nageslag en uit die edeles[h] te
bring— **4** kinders wat hoege-
naamd geen gebrek gehad het
nie,[i] maar mooi in voorkoms
was en insig in alle wysheid ge-
had het[j] en met kennis ver-
troud was en onderskeidings-
vermoë gehad het ten opsigte
van wat bekend is,[k] en wat ook
in staat was om in die paleis
van die koning te dien[l]—en om
hulle die skrif en die taal van
die Galdeërs te leer. **5** Daar-
benewens het die koning vir
hulle ’n daaglikse porsie vasge-
stel van die lekkernye[m] van die
koning en van die wyn wat hy
gedrink het, ja, om hulle drie
jaar lank te voed, sodat hulle
aan die einde daarvan voor die
koning kon staan.
**6** En onder hulle was daar
sommige uit die kinders van
Juda: Daniël,[n] Hanan′ja, Mi′sa-
el en Asar′ja.[o] **7** En die hoof-
hofbeampte het aan hulle name
toegeken.[p] Toe het hy aan Da-
niël die naam Belt′sasar[q] toe-
geken; en aan Hanan′ja Sadrag;
en aan Mi′sael Mesag; en aan
Asar′ja Abedne′go.[a]
**8** Maar Daniël het in sy hart
besluit dat hy hom nie sou ver-
ontreinig met die lekkernye
van die koning en met die wyn
wat hy gedrink het nie.[b] En hy
het die hoofhofbeampte bly ver-
soek dat hy hom nie hoef te ver-
ontreinig nie.[c] **9** En die ware
God het Daniël liefderyke goed-
hartigheid en barmhartigheid
voor die hoofhofbeampte laat
vind.[d] **10** Toe het die hoofhof-
beampte vir Daniël gesê: “Ek
vrees my heer die koning, wat
julle voedsel en julle drank vas-
gestel het.[e] Waarom moet hy
dan op julle gesig ’n terneerge-
drukte uitdrukking sien in ver-
gelyking met die kinders wat
dieselfde ouderdom as julle is,
en waarom moet julle my hoof
by die koning skuldig maak?”
**11** Maar Daniël het vir die be-
waker wat deur die hoofhof-
beampte[f] oor Daniël, Hanan′-
ja, Mi′sael en Asar′ja aangestel
is, gesê: **12** “Stel asseblief u
knegte tien dae lank op die
proef, en laat hulle vir ons
groente gee[g] sodat ons kan eet
en water sodat ons kan drink;
**13** en laat ons gelaat en die ge-
laat van die kinders wat die lek-
kernye van die koning eet, voor
u verskyn, en doen met u kneg-
te volgens wat u sien.”
**14** Uiteindelik het hy na hul-
le geluister in hierdie saak en
hulle tien dae lank op die proef
gestel. **15** En na verloop van
tien dae het hulle gelaat be-
ter en voller van vlees gelyk as
al die kinders wat die lekker-
nye van die koning geëet het.[h]

**HFST. 1**
a 2Kr 36:4; Jer 22:18; Jer 36:30
b De 28:49; 2Kn 24:1; 2Kr 36:6
c Ps 106:41; Jes 42:24
d 2Kr 36:7; Jer 27:19
e Ge 10:10; Ge 11:2
f Esr 1:7
g Da 1:11
h 2Kn 20:18; Jes 39:7
i 2Sa 14:25; Hgl 4:7
j Pr 7:19; Da 1:20; Da 2:20; Da 5:11
k Da 1:17
l Spr 22:29
m 1Kn 4:22; Da 1:15
n Da 2:48; Da 5:13; Da 5:29
o Da 2:17
p Ge 41:45; 2Kn 23:34; 2Kn 24:17
q Da 4:8; Da 5:12

**Tweede kol.**
a Da 2:49; Da 3:12; Da 3:28
b Le 11:4; Le 11:13; Le 17:12
c Le 11:47; Ps 119:2; Ese 4:13
d 1Kn 8:50; Ps 106:46; Spr 16:7
e Spr 29:25
f Da 1:3
g Ge 1:29
h Spr 10:22

**16** Die bewaker het dus voort-
gegaan om hulle lekkernye en
die wyn wat hulle moes drink,
weg te neem en vir hulle groen-
te te gee.[a] **17** En aan hierdie
kinders, die vier, het die ware
God kennis gegee en insig in al-
les wat geskryf is en wysheid;[b]
en Daniël het allerhande visi-
oene en drome verstaan.[c]

**18** En na verloop van die dae
wat die koning gesê het dat hul-
le ingebring moes word,[d] het
die hoofhofbeampte hulle ook
voor Nebukadne′sar ingebring.
**19** En die koning het met hulle
begin praat, en onder hulle al-
mal is niemand soos Daniël, Ha-
nan′ja, Mi′sael en Asar′ja[e] ge-
vind nie; en hulle het voor die
koning bly staan.[f] **20** En wat
elke saak van wysheid en be-
grip[g] betref waaroor die koning
hulle uitgevra het, het hy selfs
gevind dat hulle tien keer beter
was as al die towerpriesters[h] en
die besweerders[i] wat in sy hele
koninklike gebied was. **21** En
Daniël het tot die eerste jaar
van koning Kores daar gebly.[j]

**2** En in die tweede jaar van
die koningskap van Nebu-
kadne′sar het Nebukadne′sar
drome gedroom;[k] en sy gees het
onrustig geraak,[l] en sy slaap
was daarmee heen. **2** Daarom
het die koning gesê dat die to-
werpriesters[m] en die besweer-
ders en die towenaars en die
Galdeërs geroep moet word om
vir die koning sy drome te ver-
tel.[n] En hulle het ingekom en
voor die koning gaan staan.
**3** Toe het die koning vir hulle
gesê: "Ek het 'n droom ge-
droom, en my gees is onrustig
om die droom te wete te kom."
**4** Daarop het die Galdeërs in
die Aramese taal met die ko-
ning gepraat:[o] "O koning, bly le-
we, ja, vir onbepaalde tye.[p] Sê
vir u knegte wat die droom is,
en ons sal die uitlegging open-
baar."[a]

**5** Die koning het geant-
woord en vir die Galdeërs gesê:
"Die woord word deur my uitge-
vaardig: As julle die droom en
sy uitlegging nie aan my be-
kend maak nie, sal julle in stuk-
ke gekap word,[b] en julle hui-
se sal in openbare gemakhuisies
verander word.[c] **6** Maar as
julle die droom en sy uitleg-
ging openbaar, sal julle gawes
en 'n geskenk en groot waardig-
heid van my ontvang.[d] Open-
baar derhalwe die droom en sy
uitlegging aan my."

**7** Hulle het 'n tweede keer
geantwoord en gesê: "Laat die
koning vir sy knegte sê wat die
droom is, en ons sal die uitleg-
ging daarvan openbaar."

**8** Die koning het geant-
woord en gesê: "Ek weet vir se-
ker dat julle tyd probeer wen,
aangesien julle gemerk het dat
die woord deur my uitgevaar-
dig word. **9** Want as julle die
droom nie aan my bekend maak
nie, is hierdie één vonnis[e] op
julle. Maar 'n leuenagtige en
verkeerde woord het julle oor-
eengekom om voor my te sê,[f]
totdat die tyd verander. Vertel
my derhalwe die droom, en ek
sal weet dat julle die uitlegging
daarvan kan openbaar."

**10** Die Galdeërs het voor die
koning geantwoord, en hulle
het gesê: "Daar bestaan nie 'n
mens op droë grond wat die
saak van die koning kan open-
baar nie, aangesien geen groot
koning of goewerneur so iets
van enige towerpriester of be-
sweerder of Galdeër gevra het
nie. **11** Maar wat die koning
vra, is moeilik, en daar bestaan
niemand anders wat dit voor
die koning kan openbaar nie,

**HFST. 1**
a Da 1:12
b Ps 119:98; Spr 2:6; Pr 2:26; Jes 28:26
c Nu 12:6; Da 1:20; Da 4:9; Da 5:11
d Da 1:5
e Da 1:6
f Spr 22:29
g Ps 119:100; Spr 4:7; Spr 4:8
h Eks 7:11
i Da 2:2; Da 4:7; Da 5:8
j Da 6:28; Da 10:1

**HFST. 2**
k Ge 40:5
l Ge 41:8; Da 4:5
m Da 1:20
n Jes 19:3; Jes 47:13; Da 2:10; Da 2:27; Da 4:7; Da 5:7
o Esr 4:7; Jes 36:11
p 1Sa 10:24; Ne 2:3; Da 3:9

**Tweede kol.**
a Ge 41:8
b Da 3:29
c 2Kn 10:27; Esr 6:11
d Da 2:48; Da 5:7; Da 5:16; Da 5:29
e Da 2:5
f Spr 12:19

behalwe die gode,[a] wie se woon-
plek beslis nie by die vlees is
nie."[b]
**12** Hieroor het die koning
toornig en briesend kwaad ge-
word,[c] en hy het gesê dat al die
wyse manne van Babilon dood-
gemaak moet word.[d] **13** En
die bevel het uitgegaan, en die
wyse manne sou weldra dood-
gemaak word; en hulle het Da-
niël en sy metgeselle gesoek om
hulle dood te maak.
**14** Wat Daniël betref, hy het
hom in dié tyd met raad en
verstandigheid[e] gerig tot A′ri-
og, die hoof van die koning se
lyfwag, wat uitgegaan het om
die wyse manne van Babilon
dood te maak. **15** Hy het ge-
antwoord en vir A′riog, die be-
ampte van die koning, gesê:
"Waarom is daar so 'n streng be-
vel van die koning af?" Toe het
A′riog die saak aan Daniël be-
kend gemaak.[f] **16** Daarop het
Daniël ingegaan en die koning
gevra dat hy hom tyd moet gee,
juis om die uitlegging aan die
koning te openbaar.[g]
**17** Daarna het Daniël na sy
eie huis gegaan; en hy het die
saak aan sy metgeselle Hanan′-
ja, Mi′sael en Asar′ja bekend ge-
maak, **18** dat ook hulle barm-
hartighede[h] van die God van
die hemel[i] aangaande hierdie
geheim kon vra,[j] sodat hulle
Daniël en sy metgeselle nie
saam met die res van die wyse
manne van Babilon sou dood-
maak nie.[k]
**19** Toe is die geheim in 'n
nagvisioen aan Daniël ge-
openbaar.[l] Gevolglik het Da-
niël die God van die hemel
geloof.[m] **20** Daniël het geant-
woord en gesê: "Laat die naam
van God geloof word[n] van on-
bepaalde tyd, ja, tot onbepaal-
de tyd, want die wysheid en

**HFST. 2**

a Da 2:23, Da 2:28, Da 2:47
b 2Kr 6:18
c Spr 16:14, Spr 19:12, Spr 20:2
d Da 2:24
e Pr 10:4
f Da 2:9
g Ge 41:16
h Ps 116:5
i Ps 115:3, Ps 115:16
j Ps 50:15, Spr 3:5, Mt 18:19
k Ge 18:23, Mal 3:18, 2Pe 2:9
l Nu 12:6, Job 33:15, Ps 25:14, Da 2:28, 1Ko 2:11
m Ps 50:15, Ps 145:10
n 1Kr 29:20, Ps 34:1, Ps 72:18, Ps 113:2

**Tweede kol.**

a 1Kr 29:11, Job 12:13, Ps 147:5, Jer 32:18
b Jes 60:22, Da 7:25, Han 1:7
c 1Sa 2:7, Ps 75:7, Spr 8:15, Jer 27:5, Da 4:17
d Spr 2:6, Pr 2:26, Ef 1:17, Jak 1:5
e Job 12:22, Jer 33:3, 1Ko 2:10
f Ps 139:12, Heb 4:13
g Ps 36:9, Ps 112:4, 1Jo 1:5
h Ps 145:3, Da 2:28
i Pr 7:19, Da 1:17
j Am 3:7
k Da 2:15
l Da 2:12
m Da 1:19, Da 2:16
n Ne 7:6, Da 1:6, Da 6:13
o Da 1:7, Da 4:8, Da 4:19, Da 5:12
p Da 4:18, Da 5:16
q Jes 47:12, Da 2:10
r Ge 40:8, Da 1:17

die mag—dit behoort aan hom.[a]
**21** En hy verander tye en tyd-
perke,[b] sit konings af en stel
konings aan,[c] gee wysheid aan
die wyses en kennis aan dié wat
onderskeidingsvermoë ken.[d]
**22** Hy openbaar die diep dinge
en die verborge dinge,[e] hy weet
wat in die duisternis is;[f] en
die lig woon by hom.[g] **23** U, o
God van my voorvaders, loof en
prys ek,[h] want wysheid[i] en mag
het u aan my gegee. En nou het
u aan my bekend gemaak wat
ons u versoek het, want u het
die saak van die koning aan ons
bekend gemaak."[j]
**24** Daarom het Daniël inge-
gaan na A′riog toe,[k] wat die ko-
ning aangestel het om die wyse
manne van Babilon dood te
maak.[l] Hy het gegaan, en só het
hy vir hom gesê: "Moenie een
van die wyse manne van Babi-
lon doodmaak nie. Bring my in
voor die koning,[m] sodat ek die
uitlegging aan die koning kan
openbaar."
**25** Toe het A′riog Daniël
haastig voor die koning inge-
bring, en só het hy vir hom ge-
sê: "Ek het 'n man onder die bal-
linge[n] van Juda gevind wat die
uitlegging aan die koning be-
kend kan maak." **26** Die ko-
ning het geantwoord en vir Da-
niël, wie se naam Belt′sasar
was,[o] gesê: "Is jy bekwaam ge-
noeg om aan my die droom wat
ek gesien het, en sy uitlegging,
bekend te maak?"[p] **27** Daniël
het voor die koning geantwoord
en gesê: "Die geheim wat die ko-
ning vra, kan die wyse manne,
die besweerders, die towerpries-
ters en die sterrewiggelaars nie
aan die koning openbaar nie.[q]
**28** Maar daar bestaan 'n God
in die hemel wat 'n Openbaar-
der van geheime is,[r] en hy het
aan koning Nebukadne′sar be-

kend gemaak wat aan die einde
van die dae gaan plaasvind.[a] U
droom en die visioene wat in u
kop gekom het terwyl u op u
bed was—dit is soos volg:
**29** “Wat u betref, o koning,
op u bed[b] het u gedagtes opge-
kom oor wat hierna gaan plaas-
vind, en die Een wat die Open-
baarder van geheime is, het
aan u bekend gemaak wat gaan
plaasvind.[c] **30** En wat my be-
tref, dit is nie deur enige wys-
heid wat in my is meer as in
al die ander lewendes dat hier-
die geheim aan my geopenbaar
is nie,[d] maar met die bedoeling
dat die uitlegging aan die ko-
ning bekend gemaak sal word
en dat u die gedagtes van u hart
kan ken.[e]
**31** “U, o koning, het gesien,
en kyk! daar was ’n ontsaglike
beeld. Dié beeld, wat groot was
en waarvan die glans buitenge-
woon was, het voor u gestaan,
en sy voorkoms was vreeslik.
**32** Wat dié beeld betref, sy kop
was van goeie goud,[f] sy bors
en sy arms was van silwer,[g]
sy maag en sy dye was van
koper,[h] **33** sy bene was van
yster,[i] sy voete was deels van
yster en deels van gevormde
klei.[j] **34** U het bly kyk tot-
dat ’n klip uitgekap is, nie deur
hande nie,[k] en dit het die beeld
op sy voete van yster en van ge-
vormde klei getref en hulle ver-
brysel.[l] **35** Toe is die yster,
die gevormde klei, die koper,
die silwer en die goud alles
saam verbrysel en het dit soos
die kaf van die somerdorsvloer
geword,[m] en die wind het dit
weggevoer sodat hoegenaamd
geen spoor daarvan gevind is
nie.[n] En wat die klip betref wat
die beeld getref het, dit het ’n
groot berg geword en die hele
aarde gevul.[o]

**36** “Dit is die droom, en sy
uitlegging sal ons voor die ko-
ning sê.[a] **37** U, o koning, die
koning van die konings, u aan
wie die God van die hemel die
koninkryk,[b] die mag en die
sterkte en die waardigheid ge-
gee het, **38** en in wie se hand
hy, oral waar die mensekinders
woon, die diere van die veld en
die voëls van die hemel gegee
het,[c] en wat hy heerser oor hul-
le almal gemaak het, u is die
kop van goud.[d]
**39** “En ná u sal daar ’n ander
koninkryk opstaan,[e] geringer
as u;[f] en nog ’n koninkryk, ’n
derde, van koper, wat oor die
hele aarde sal heers.[g]
**40** “En wat die vierde ko-
ninkryk betref,[h] dit sal sterk
soos yster wees.[i] Aangesien ys-
ter alle ander dinge verbrysel
en vergruis, sal dit ook, soos ys-
ter wat verpletter, dit alles ver-
brysel en verpletter.[j]
**41** “En dat u gesien het dat
die voete en die tone deels
van gevormde pottebakkers-
klei en deels van yster was:[k] die
koninkryk sal verdeeld wees,[l]
maar iets van die hardheid van
yster sal daarin wees, aange-
sien u die yster gemeng met
klam klei gesien het.[m] **42** En
wat die tone van die voete be-
tref wat deels van yster en
deels van gevormde klei was:
die koninkryk sal deels sterk en
deels bros wees. **43** Dat u ys-
ter gemeng met klam klei ge-
sien het: hulle sal met die nage-
slag van die mensdom vermeng
raak; maar hulle sal nie aan me-
kaar kleef, die een aan die an-
der nie, soos yster nie met ge-
vormde klei meng nie.
**44** “En in die dae van dié ko-
nings[n] sal die God van die he-
mel[o] ’n koninkryk oprig[p] wat
nooit vernietig sal word nie.[q]

HFST. 2
a Da 10:14
b Job 33:15
c Op 4:1
d Han 3:12
e Da 2:47
f Jer 51:7; Da 2:38; Da 4:22; Da 7:4
g Da 2:39; Da 5:28; Da 7:5; Da 8:3
h Da 7:6; Da 8:5
i Da 2:40; Da 7:7; Da 7:19
j Da 2:41
k Da 2:45; Da 7:14; Da 7:27; Op 12:5
l Da 2:44; Op 11:15
m Ps 1:4
n Ps 37:10; Op 20:11
o Ps 22:27; Jes 11:9

Tweede kol.
a Da 2:23
b Jer 28:14; Da 5:18
c Jer 27:5
d Da 2:32; Da 4:21
e Jes 45:1; Jer 51:28; Da 5:28; Da 11:2
f Da 8:20
g Da 7:6; Da 8:21; Da 10:20; Da 11:3
h Da 2:33
i Da 7:19; Da 7:23; Joh 11:48
j Da 7:7
k Da 2:33
l Mt 12:25
m Da 2:34
n Da 7:12; Op 17:12
o Esr 1:2; Ps 115:3; Ps 115:16
p Ge 49:10; Ps 2:6; Mt 6:10; Lu 22:29; Joh 18:36; Op 11:15; Op 20:6
q 2Sa 7:13; Jes 9:7; Ese 37:25; Da 7:14; Mi 4:7; Op 11:15

En die koninkryk sal aan geen
ander volk oorgedra word nie.[a]
Dit sal al hierdie koninkryke
verbrysel en daar ’n einde aan
maak,[b] en self sal dit tot onbe-
paalde tye bly staan;[c] **45** aan-
gesien u gesien het dat ’n klip
uit die berg gekap is, nie deur
hande nie,[d] en dat dit die yster,
die koper, die gevormde klei,
die silwer en die goud verbrysel
het.[e] Die Grootse God[f] het aan
die koning bekend gemaak wat
hierna gaan plaasvind.[g] En die
droom is waaragtig, en sy uit-
legging is betroubaar.”[h]
**46** Toe het koning Nebukad-
ne′sar op sy gesig neergeval, en
hy het aan Daniël hulde bewys,
en hy het gesê dat selfs ’n ge-
skenk en reukwerk aan hom ge-
offer moet word.[i] **47** Die ko-
ning het Daniël geantwoord en
gesê: “Waarlik, julle God is ’n
God van die gode[j] en ’n Here
van die konings[k] en ’n Open-
baarder van geheime, want
jy kon hierdie geheim open-
baar.”[l] **48** Gevolglik het die
koning Daniël ’n vername man
gemaak,[m] en hy het hom tal-
le groot geskenke gegee, en
hy het hom heerser oor die
hele regsgebied van Babilon[n]
en hoofprefek oor al die wyse
manne van Babilon gemaak.
**49** En Daniël het ’n versoek tot
die koning gerig, en hy het Sa-
drag, Mesag en Abedne′go[o] oor
die administrasie van die regs-
gebied van Babilon aangestel,
maar Daniël was aan die hof[p]
van die koning.

**3** Koning Nebukadne′sar het
’n beeld[q] van goud gemaak,
waarvan die hoogte sestig el en
die breedte ses el was. Hy het
dit in die vlakte Dura in die
regsgebied van Babilon opge-
rig.[r] **2** En as koning het Ne-
bukadne′sar gestuur om die
satrape, die prefekte[a] en die
goewerneurs, die raadgewers,
die skatmeesters, die regters,
die polisiemagistrate[b] en al die
administrateurs van die regsge-
biede bymekaar te roep om na
die inwyding te kom[c] van die
beeld wat koning Nebukadne′-
sar opgerig het.
**3** Toe het die satrape,[d] die
prefekte en die goewerneurs,
die raadgewers, die skatmees-
ters, die regters, die polisie-
magistrate en al die admini-
strateurs van die regsgebiede
bymekaargekom vir die inwy-
ding van die beeld wat koning
Nebukadne′sar opgerig het, en
hulle het voor die beeld gestaan
wat Nebukadne′sar opgerig het.
**4** En die aankondiger[e] het hard
uitgeroep: “Julle word aangesê,
o volke, volksgroepe en tale,[f]
**5** dat julle, sodra julle die ge-
luid van die horing, die fluit,
die siter, die driehoekige harp,
die snaarinstrument, die doe-
delsak en allerhande musiekin-
strumente hoor,[g] moet neerval
en die goue beeld moet aan-
bid wat koning Nebukadne′sar
opgerig het. **6** En elkeen wat
nie neerval en aanbid nie,[h] sal
dieselfde oomblik[i] in die bran-
dende vuuroond gegooi word.”[j]
**7** Daarom, net toe al die volke
die geluid van die horing, die
fluit, die siter, die driehoekige
harp, die snaarinstrument en
allerhande musiekinstrumente
hoor, het al die volke,[k] volks-
groepe en tale neergeval en die
goue beeld aanbid wat koning
Nebukadne′sar opgerig het.
**8** Om dié rede het sekere
Galdeërs terselfdertyd nader
gekom en die Jode beskuldig.[l]
**9** Hulle het geantwoord en vir
koning Nebukadne′sar gesê: “O
koning, bly lewe, ja, vir on-

**HFST. 2**
a Da 4:17; Da 7:27
b Ps 2:9; Ps 110:5; Jes 60:12; Da 11:45; Op 19:15
c Da 4:3; Da 4:34; Lu 1:33
d Jes 28:16; Da 2:34
e Da 2:35
f 2Sa 7:22; Ps 96:4; Ps 145:3; Jer 32:18
g Ge 41:28; Da 2:28
h Jes 14:24; Jes 44:26
i Esr 6:10
j De 32:39; Ps 136:2; Da 11:36; 1Ko 8:5
k De 10:17; Ps 136:3
l Ge 41:39; Da 1:17; Da 2:28; Da 4:9; Am 3:7
m Da 5:16
n Da 2:6; Da 5:29
o Da 1:7
p Est 2:19; Est 3:2; Jer 39:3; Am 5:15

**HFST. 3**
q Jes 40:19; Han 17:29; 1Ko 8:4
r Est 1:1; Da 2:48

**Tweede kol.**
a Da 6:7
b Esr 7:25; Han 16:20
c Esr 6:16
d Est 8:9; Da 6:1
e Da 5:29
f Est 8:9; Da 4:1
g Da 3:10; Da 3:15
h Eks 20:5; Mt 4:9
i Da 4:19; Da 4:33
j Jer 29:22; Da 3:11; Da 3:17; Da 3:26; Op 13:15
k Jer 51:7; Han 14:16
l Da 3:12

bepaalde tye.[a] **10** U, o koning,
het die bevel gegee dat elke
mens wat die geluid van die ho-
ring, die fluit, die siter, die
driehoekige harp, die snaar-
instrument en die doedelsak
en allerhande musiekinstru-
mente hoor,[b] moet neerval en
die goue beeld moet aanbid;
**11** en dat elkeen wat nie neer-
val en aanbid nie, in die bran-
dende vuuroond gegooi moet
word.[c] **12** Daar is sekere Jode
wat u oor die administrasie van
die regsgebied van Babilon aan-
gestel het,[d] Sadrag, Mesag en
Abedne′go; hierdie manne het
hulle nie aan u gesteur nie, o ko-
ning, hulle dien nie u gode nie,
en die goue beeld wat u opgerig
het, aanbid hulle nie."[e]

**13** Toe het Nebukadne′sar,
woedend en grimmig,[f] gesê dat
Sadrag, Mesag en Abedne′go[g]
gebring moet word. Gevolglik
is hierdie manne voor die ko-
ning gebring. **14** Nebukadne′-
sar het geantwoord en vir hul-
le gesê: "Is dit werklik so, o
Sadrag, Mesag en Abedne′go,
dat julle my gode nie dien nie[h]
en die goue beeld wat ek opge-
rig het, nie aanbid nie?[i] **15** As
julle dan nou bereid is om neer
te val wanneer julle die ge-
luid van die horing, die fluit,
die siter, die driehoekige harp,
die snaarinstrument en die doe-
delsak en allerhande musiek-
instrumente hoor[j] en die beeld
te aanbid wat ek gemaak het,
goed. Maar as julle nie aan-
bid nie, sal julle daardie selfde
oomblik in die brandende vuur-
oond gegooi word. En wie is die
god wat julle uit my hand kan
red?"[k]

**16** Sadrag, Mesag en Abed-
ne′go het geantwoord en vir die
koning gesê: "O Nebukadne′sar,
ons is nie genoodsaak om vir
u ’n woord hierop te antwoord
nie.[a] **17** As dit moet, is ons
God wat ons dien, in staat om
ons te red. Uit die brandende
vuuroond en uit u hand, o ko-
ning, sal hy ons red.[b] **18** Maar
so nie, laat dit dan aan u bekend
word, o koning, dat ons u gode
nie dien nie, en die goue beeld
wat u opgerig het, sal ons nie
aanbid nie."[c]

**19** Toe is Nebukadne′sar met
grimmigheid vervul, en sy ge-
sigsuitdrukking het teenoor
Sadrag, Mesag en Abedne′go
verander. Hy het geantwoord
en gesê dat die oond sewe keer
warmer gemaak moet word as
wat dit gewoonlik gemaak is.
**20** En hy het sekere lewens-
kragtige[d] manne wat in sy
krygsmag was, aangesê om Sa-
drag, Mesag en Abedne′go te
bind om hulle in die brandende
vuuroond te gooi.[e]

**21** Toe is hierdie manne in
hulle mantels, hulle klere en
hulle musse en hulle ander kle-
dingstukke gebind en in die
brandende vuuroond gegooi.
**22** Juis omdat die koning se
woord streng was en die oond
uitermate warm gemaak is, is
dié manne wat Sadrag, Me-
sag en Abedne′go opgeneem
het, deur die vuurvlam gedood.
**23** Maar hierdie ander man-
ne, die drie, Sadrag, Mesag en
Abedne′go, het gebind binne-in
die brandende vuuroond geval.[f]

**24** Toe het koning Nebukad-
ne′sar bang geword en haastig
opgestaan. Hy het geantwoord
en vir sy hoë koninklike amp-
tenare gesê: "Het ons nie
drie manne gebind binne-in die
vuur gegooi nie?"[g] Hulle het ge-
antwoord en vir die koning ge-
sê: "Ja, o koning." **25** Hy het

**HFST. 3**
a Ne 2:3; Da 2:4; Da 5:10
b Job 21:12; Da 3:5; Da 3:15
c Da 3:6
d Da 2:49
e Da 3:18; Da 3:28
f Spr 29:22; Da 2:12
g Da 1:7
h Jes 46:1; Jer 50:2
i Da 3:28
j Da 3:10
k Eks 5:2; 2Kr 32:15; Jes 36:20; Jes 37:23

**Tweede kol.**
a Lu 12:11; Lu 21:14; Han 5:29
b 1Sa 17:37; 2Sa 22:26; Ps 27:1; Spr 18:10; Jes 12:2; Da 6:27; Mi 7:7; 2Ko 1:10
c Eks 20:5; Le 19:4; Spr 28:1; Han 5:29; Heb 11:34
d 2Sa 22:40; Jer 48:14
e Da 3:15
f Ps 34:19
g Ps 66:12; Ps 91:1; Jes 43:2

geantwoord en gesê: “Kyk! Ek
sien vier manne wat los binne-
in die vuur rondloop, en daar is
geen letsel aan hulle nie, en die
voorkoms van die vierde is soos
dié van ’n godeseun.”[a]

**26** Toe het Nebukadne′sar
nader gekom na die deur van
die brandende vuuroond.[b] Hy
het geantwoord en gesê: “Sa-
drag, Mesag en Abedne′go,
knegte van die Allerhoogste
God,[c] kom uit hierheen!” Toe
het Sadrag, Mesag en Abed-
ne′go uit die vuur uitgekom.
**27** En die satrape, die prefekte
en die goewerneurs en die hoë
amptenare[d] van die koning wat
bymekaar gekom het, het hier-
die manne gesien, dat die vuur
geen mag oor hulle liggame ge-
had het nie[e] en dat geen haar
van hulle kop[f] geskroei was nie,
en dat selfs hulle mantels geen
verandering ondergaan het nie
en nie eens die reuk van die
vuur aan hulle gekom het nie.

**28** Nebukadne′sar het geant-
woord en gesê: “Mag die God
van Sadrag, Mesag en Abed-
ne′go geloof word,[g] wat sy en-
gel gestuur[h] en sy knegte gered
het wat op hom vertrou het[i] en
wat die woord van die koning
verander het en hulle liggame
oorgegee het, omdat hulle geen
ander god behalwe hulle eie
God[j] wou dien[k] en aanbid nie.[l]
**29** En deur my word ’n bevel
uitgevaardig[m] dat enige volk,
volksgroep of taal wat enigiets
verkeerds teen die God van Sa-
drag, Mesag en Abedne′go sê,
in stukke gekap moet word,[n]
en sy huis moet in ’n openbare
gemakhuisie verander word,[o]
aangesien daar geen ander god
is wat kan verlos soos dié een
nie.”[p]

**30** In dié tyd het die koning
gesorg dat Sadrag, Mesag en
Abedne′go voorspoedig is in die
regsgebied van Babilon.[a]

**4** “Koning Nebukadne′sar aan
al die volke, volksgroepe
en tale wat op die hele aar-
de woon:[b] Mag julle vrede groot
word.[c] **2** Ek het dit goedge-
vind om die tekens en wonders
wat die Allerhoogste God ten
opsigte van my verrig het, be-
kend te maak.[d] **3** Hoe groot
is sy tekens, en hoe magtig sy
wonders![e] Sy koninkryk is ’n
koninkryk tot onbepaalde tyd,[f]
en sy heerskappy is van geslag
tot geslag.[g]

**4** “Ek, Nebukadne′sar, was
rustig[h] in my huis en het ge-
floreer in my paleis.[i] **5** Ek het
’n droom gesien, en dit het
my begin bang maak.[j] En daar
was geestesbeelde op my bed
en visioene wat in my kop ge-
kom het, wat my begin verskrik
het.[k] **6** En deur my is ’n be-
vel uitgevaardig dat al die wyse
manne van Babilon voor my in-
gebring moes word, sodat hul-
le die uitlegging van die droom
aan my bekend kon maak.[l]

**7** “Toe het die towerpries-
ters, die besweerders, die Gal-
deërs[m] en die sterrewiggelaars[n]
ingekom; en ek het voor hul-
le gesê wat die droom was,
maar sy uitlegging het hulle nie
aan my bekend gemaak nie.[o]
**8** En eindelik het Daniël voor
my ingekom, wie se naam Belt′-
sasar[p] is na die naam van my
god[q] en in wie die gees van die
heilige gode is;[r] en voor hom
het ek gesê wat die droom was:

**9** “ ‘O Belt′sasar, hoof van die
towerpriesters[s]—want ek weet
goed dat die gees van die heilige
gode in jou is[t] en dat daar hoe-
genaamd geen geheim is wat
jou kwel nie[u]—vertel my die vi-
sioene van my droom wat ek ge-

**HFST. 3**

a Job 38:7, Ps 34:7
b Da 6:20
c Ge 14:18, Da 2:47, 1Ko 8:5
d Da 3:2
e Jes 43:2, Heb 11:34
f Mt 10:30, Lu 21:18, Han 27:34
g Da 2:47, Da 4:34
h Ps 34:7, Heb 1:14
i 1Kr 5:20, Ps 3:8, Ps 22:4, Ps 91:14, 2Ko 1:9, Heb 11:6
j Eks 20:5, Mt 4:10
k Eks 23:24, Op 12:11
l Da 3:5, Da 3:15
m Da 6:26
n Da 2:5
o Esr 6:11
p De 32:31, Da 4:35, Da 6:27

**Tweede kol.**

a Ps 1:3, Da 2:49, Da 3:12

**HFST. 4**

b Est 8:9, Da 3:4
c Da 6:25
d Ps 66:16, Da 2:23
e De 4:34, Ps 71:19, Da 6:27, Ro 11:33
f Ps 10:16, Ps 29:10, Ps 66:7, Ps 90:2, Jer 10:10
g Ps 146:10
h Jes 47:8
i Lu 11:21
j Da 5:6
k Da 2:1
l Ge 41:8, Da 2:2
m Da 5:7
n Jes 47:13, Da 2:27
o Da 2:11
p Da 1:7, Da 5:12
q Jes 46:1, Jer 50:2
r Nu 11:17, Jes 63:11, Da 4:18, Da 4:24, Da 5:11
s Da 1:20, Da 2:48
t Ge 41:38, Da 6:3
u Da 1:17

sien het en die uitlegging daar-
van.[a]
10 “‘En ek het die visioene
gesien wat in my kop gekom het
terwyl ek op my bed was,[b] en
kyk! ’n boom[c] in die middel van
die aarde, waarvan die hoogte
ontsaglik was.[d] 11 Die boom
het groot en sterk geword, en
sy hoogte het uiteindelik tot
aan die hemel gereik, en hy was
tot aan die einde van die hele
aarde sigbaar.[e] 12 Sy blare
was mooi en sy vrugte was oor-
vloedig, en daar was voedsel
vir almal aan hom. Onder hom
het die diere[f] van die veld ska-
duwee gesoek,[g] en op sy takke
het die voëls van die hemel ge-
woon,[h] en van hom het alle
vlees geëet.
13 “‘Ek het verder gesien in
die visioene wat in my kop ge-
kom het terwyl ek op my bed
was, en kyk! ’n wag,[i] ja, ’n heili-
ge,[j] wat uit die hemel neerdaal.
14 Hy het hard uitgeroep, en
só het hy gesê: “KAP die boom
af[k] en kap sy takke af. SKUD sy
blare af en verstrooi sy vrug-
te. Laat die diere onder hom
uit wegvlug en die voëls uit sy
takke.[l] 15 Maar LAAT sy wor-
telstomp in die aarde staan,
ja, met ’n band van yster en
van koper, tussen die gras van
die veld; en laat hom deur die
dou van die hemel natgemaak
word, en laat sy deel saam met
die diere tussen die plantegroei
van die aarde wees.[m] 16 Laat
sy hart anders word as dié van
’n mens, en laat ’n dierehart
aan hom gegee word,[n] en laat
sewe tye[o] oor hom heen gaan.
17 Volgens die verordening van
wagte[p] is die saak, en volgens
die woord van heiliges is die
versoek, sodat die lewendes kan
weet dat die Allerhoogste die
Heerser in die koninkryk van

HFST. 4
a Da 2:30
b Da 2:19
c Da 4:26
d Jes 10:33; Ese 31:3
e Ge 11:4; Mt 11:23
f Jer 27:6; Ese 31:6
g Klg 4:20
h Mt 13:32
i Ps 103:20; Ps 103:21; Da 4:23
j De 33:2; Ps 89:7; Da 8:13; Mt 18:10; Lu 4:34
k Ese 21:26; Ese 21:27; Da 4:31; Da 5:20; Lu 3:9
l Jer 51:6; Ese 31:12
m Job 14:7; Da 4:33
n Da 4:32
o Da 7:25; Da 12:7; Lu 21:24; Op 12:14
p Da 4:13

Tweede kol.
a Ps 83:18; Jer 16:21; Da 4:34
b Ps 75:7; Ps 89:36; Mt 25:31; Lu 1:32; Lu 1:33
c 1Sa 2:8; Ese 17:24; Sag 9:9; Mt 11:29
d Jes 47:13; Da 5:8; Da 5:15
e Ge 41:16; Da 2:28; Da 4:8
f Da 1:7
g Da 7:28
h 1Sa 3:17
i 2Sa 18:32
j Ese 31:3; Da 4:10
k Da 4:12
l Da 2:37
m Jes 14:13; Jes 14:14
n Da 2:38
o Nu 22:32; De 33:2; Ps 89:7; Da 4:13; Da 8:13; Mt 18:10; Han 10:3; Han 12:23

die mensdom is[a] en dat hy dit
gee aan wie hy wil[b] en selfs
die geringste van die mensdom
daaroor aanstel.”[c]
18 “‘Dit was die droom wat
ek, koning Nebukadne′sar, ge-
sien het; en sê jy, o Belt′sasar,
wat die uitlegging is, aangesien
al die ander wyse manne van
my koninkryk nie die uitlegging
aan my bekend kan maak nie.[d]
Maar jy is bekwaam, want die
gees van heilige gode is in jou.’[e]
19 “Toe was Daniël, wie se
naam Belt′sasar is,[f] ’n oomblik
verstom, en sy gedagtes het
hom begin bang maak.[g]
“Die koning het geantwoord
en gesê: ‘O Belt′sasar, laat die
droom en die uitlegging jou nie
bang maak nie.’[h]
“Belt′sasar het geantwoord
en gesê: ‘O my heer, mag die
droom van toepassing wees op
dié wat u haat, en sy uitlegging
op u teenstanders.[i]
20 “‘Die boom wat u gesien
het, wat groot en sterk ge-
word het en waarvan die hoog-
te uiteindelik tot aan die he-
mel gereik het en wat vir die
hele aarde sigbaar was,[j] 21 en
waarvan die blare mooi was en
waarvan die vrugte oorvloedig
was, en waaraan daar voedsel
vir almal was; waaronder die
diere van die veld gewoon het,
en op die takke waarvan die
voëls van die hemel gebly het,[k]
22 dit is u, o koning,[l] want u
het groot en sterk geword, en u
grootsheid het baie toegeneem
en tot aan die hemel gereik,[m] en
u koningskap tot aan die einde
van die aarde.[n]
23 “‘En dat die koning ’n
wag, ja, ’n heilige,[o] uit die he-
mel sien neerdaal het, wat ook
gesê het: “KAP die boom af en
VERWOES dit. LAAT sy wortel-
stomp egter in die aarde staan,

maar met ’n band van yster en
van koper, tussen die gras van
die veld, en laat hom deur die
dou van die hemel natgemaak
word, en laat sy deel saam met
die diere van die veld wees tot-
dat sewe tye oor hom heen ge-
gaan het”[a]— **24** dit is die uit-
legging, o koning, en dit is
die verordening[b] van die Aller-
hoogste[c] wat oor my heer die
koning sal kom.[d] **25** En hulle
sal u onder die mense uit ver-
dryf, en by die diere van die
veld sal u woonplek wees,[e] en
die plantegroei sal hulle vir u
gee om te eet net soos bulle;[f]
en deur die dou van die hemel
sal u natgemaak word, en sewe
tye[g] sal oor u heen gaan, totdat
u weet dat die Allerhoogste die
Heerser in die koninkryk van
die mensdom is[h] en dat hy dit
gee aan wie hy wil.[i]
**26** “‘En dat hulle gesê het
dat die wortelstomp van die
boom laat staan moet word:[j] u
koninkryk sal vir u seker wees
nadat u weet dat die hemel
heers.[k] **27** Daarom, o koning,
mag u tog my raad goedvind,[l]
en verwyder u sondes deur reg-
verdigheid,[m] en u ongeregtig-
heid deur barmhartigheid aan
die armes te bewys.[n] Miskien
sal daar ’n verlenging van u
voorspoed wees.’ ”[o]
**28** Dit alles het oor koning
Nebukadne′sar gekom.[p]
**29** Na verloop van twaalf
maanmaande het hy op die ko-
ninklike paleis van Babilon
rondgeloop. **30** Die koning
het geantwoord en gesê:[q] “Is dit
nie Babilon die Grote wat ek vir
die koninklike huis gebou het
met die sterkte van my mag[r] en
vir die waardigheid van my ma-
jesteit nie?”[s]
**31** Terwyl die woord nog in
die koning se mond was, het
daar ’n stem uit die hemel ge-
val: “Vir jou word daar gesê, o
koning Nebukadne′sar: ‘Die ko-
ninkryk het van jou gewyk,[a]
**32** en hulle verdryf jou onder
die mensdom uit, en by die die-
re van die veld sal jou woonplek
wees.[b] Plantegroei sal hulle vir
jou gee om te eet net soos bul-
le, en sewe tye sal oor jou heen
gaan, totdat jy weet dat die Al-
lerhoogste die Heerser in die
koninkryk van die mensdom is
en dat hy dit gee aan wie hy
wil.’ ”[c]
**33** Op daardie oomblik[d] is
die woord oor Nebukadne′sar
vervul, en hy is onder die mens-
dom uit verdryf, en plantegroei
het hy begin eet net soos bulle,
en deur die dou van die hemel
is sy liggaam natgemaak, totdat
selfs sy hare lank geword het
net soos arende se vere en sy
naels soos voëls se kloue.[e]
**34** “En aan die einde van die
dae[f] het ek, Nebukadne′sar, my
oë na die hemel opgeslaan,[g] en
my verstand het tot my begin
terugkeer; en ek het die Aller-
hoogste geloof,[h] en die Een wat
tot onbepaalde tyd lewe, het
ek geprys en verheerlik,[i] want
sy heerskappy is ’n heerskap-
py tot onbepaalde tyd en sy ko-
ninkryk is van geslag tot ge-
slag.[j] **35** En al die bewoners
van die aarde word as bloot niks
geag,[k] en hy handel volgens sy
wil met die leër van die hemel
en die bewoners van die aarde.[l]
En daar bestaan niemand wat
sy hand kan teëhou[m] of wat vir
hom kan sê: ‘Wat het u gedoen?’
nie.[n]
**36** “Terselfdertyd het my
verstand tot my begin terug-
keer, en vir die waardigheid
van my koninkryk het my ma-
jesteit en my glans tot my begin
terugkeer;[o] en na my het selfs

HFST. 4

a Da 4:16; Da 5:21; Lu 21:24
b Jes 23:9; Jes 55:11; Da 4:17
c Ps 83:18
d Job 34:19; Ps 107:40
e Da 4:32; Da 5:21
f Ps 106:20
g Da 4:16; Lu 21:24
h Ps 83:18
i Job 34:24; Jer 27:5; Da 2:21; Da 5:21; Da 7:14
j Da 4:15
k Ps 11:4; Jes 66:1
l Ps 119:46
m Spr 16:6; Spr 28:13; Jes 55:7; Ese 18:21; Mt 3:8
n Ps 41:1; Jes 58:7; Mi 6:8; 1Jo 3:17
o 1Kn 21:29; Jl 2:14; Jon 3:10
p Nu 23:19; Spr 10:24; Jes 55:11
q Ps 73:9
r Spr 16:18
s Ps 49:11

Tweede kol.

a Da 4:25; Han 12:23
b Da 4:14; Da 5:21
c Da 4:17
d Da 3:6; Da 5:5
e Da 4:25
f Da 4:16
g Ps 121:1; Ps 123:1; Ps 123:2
h Ps 7:17; Ps 92:1
i Jer 10:10; 1Ti 1:17; Op 4:11
j Ps 10:16; Da 4:3; Mi 4:7
k Ps 39:5; Jes 40:15
l 1Sa 3:18; Ps 33:11; Jes 46:10
m Job 34:24; Jes 43:13; 1Ko 10:22
n Job 9:12; Jes 45:9; Ro 9:20
o 2Kr 33:13; Da 4:26

my hoë koninklike beamptes
en my edelmanne ywerig begin
soek, en ek is weer oor my ko-
ninkryk aangestel, en buitenge-
wone grootheid is vir my toege-
voeg.[a]
**37** “Ek, Nebukadnesar, loof
en verhef en verheerlik nou die
Koning van die hemel,[b] omdat
al sy werke waarheid is en sy
weë geregtigheid,[c] en omdat hy
dié wat in trotsheid wandel, kan
verneder.”[d]

**5** Wat koning Bel′sasar[e] be-
tref, hy het ’n groot fees-
maal vir duisend van sy edel-
manne gegee, en voor die
duisend het hy wyn gedrink.[f]
**2** Onder die invloed van die
wyn[g] het Bel′sasar gesê dat
die goue en silwerhouers[h] inge-
bring moet word wat sy va-
der Nebukadne′sar weggeneem
het uit die tempel wat in Je-
rusalem was, sodat die koning
en sy edelmanne, sy byvrou-
ens en sy ondergeskikte vrou-
ens daaruit kon drink.[i] **3** Toe
het hulle die goue houers inge-
bring wat hulle weggeneem het
uit die tempel van die huis van
God wat in Jerusalem was, en
die koning en sy edelmanne, sy
byvrouens en sy ondergeskik-
te vrouens het daaruit gedrink.
**4** Hulle het wyn gedrink, en
hulle het die gode van goud en
van silwer, koper, yster, hout
en klip geloof.[j]
**5** Op daardie oomblik het die
vingers van ’n mensehand te
voorskyn gekom en teenoor die
lampstaander op die pleister
van die muur van die koning se
paleis geskryf,[k] en die koning
het die rugkant van die hand
gesien wat geskryf het. **6** Toe
het die koning se gelaatskleur
verander, en sy gedagtes het
hom begin bang maak,[l] en sy
heupgewrigte het losgeraak[m]
en sy knieë het teen mekaar ge-
slaan.[a]
**7** Die koning het hard uitge-
roep dat die besweerders, die
Galdeërs en die sterrewigge-
laars ingebring moet word.[b] Die
koning het geantwoord en vir
die wyse manne van Babilon
gesê: “Enige mens wat hier-
die skrif lees en die uitlegging
daarvan aan my openbaar—in
purper sal hy geklee word,[c] met
’n goue ketting om sy nek, en as
die derde in die koninkryk sal
hy heers.”[d]
**8** Toe het al die wyse manne
van die koning ingekom, maar
hulle was nie bekwaam genoeg
om die skrif te lees of die uit-
legging aan die koning bekend
te maak nie.[e] **9** Gevolglik was
koning Bel′sasar baie bang en
het sy gelaatskleur verander;
en sy edelmanne was dronkge-
slaan.[f]
**10** Wat die koningin betref,
sy het weens die woorde van
die koning en sy edelmanne tot
reg in die feessaal gekom. Die
koningin het geantwoord en ge-
sê: “O koning, bly lewe, ja, tot
onbepaalde tye.[g] Laat u gedag-
tes u nie bang maak nie, en laat
u gelaatskleur ook nie veran-
der nie. **11** Daar is ’n bekwa-
me man in u koninkryk in wie
die gees van heilige gode is;[h] en
in die dae van u vader is ver-
ligting en insig en wysheid soos
die wysheid van gode in hom
gevind, en koning Nebukadne′-
sar, u vader, het hom as hoof[i]
van die towerpriesters, die be-
sweerders, die Galdeërs en die
sterrewiggelaars aangestel, ja,
u vader, o koning; **12** aange-
sien ’n buitengewone gees en
kennis en insig om drome uit te
lê[j] en die verklaring van raai-
sels en die losmaak van kno-
pe in hom gevind is,[k] in Daniël,

**HFST. 4**
a Spr 22:4
b Da 4:3; Han 17:24
c De 32:4; Ps 33:5; Op 15:3
d Eks 18:11; Job 40:11; Jak 4:6

**HFST. 5**
e Da 5:9; Da 7:1; Da 8:1
f Jes 21:5; Jer 51:39
g Spr 20:1; Spr 31:4
h 2Kn 25:15; 2Kr 36:18; Esr 1:7; Jer 27:16; Jer 52:19; Da 1:2
i Spr 11:2
j Ps 115:4; Ps 135:15; Han 17:29; Op 9:20
k Da 5:24
l Ps 102:15
m Ps 69:23; Jes 21:3

**Tweede kol.**
a Ese 7:17; Na 2:10
b Ge 41:8; Da 2:2; Da 4:6
c Ge 41:42; 1Sa 17:25
d Da 2:6; Da 2:48; Da 6:2
e Ge 41:8; Da 2:27; Da 4:7
f Jes 13:7
g Da 3:9
h Da 2:47; Da 4:8; Da 4:18
i Da 2:48; Da 4:9
j Da 1:17; Da 6:3
k 1Kn 4:30; Da 5:16

aan wie die koning die naam
Belt′sasar gegee het.[a] Laat Da-
niël nou geroep word, sodat hy
die uitlegging kan openbaar.”

**13** Toe is Daniël voor die ko-
ning ingebring. Die koning het
begin praat en vir Daniël ge-
sê: “Is jy die Daniël wat uit die
ballinge van Juda is,[b] wat die
koning, my vader, uit Juda ge-
bring het?[c] **14** Ek het ook om-
trent jou gehoor dat die gees
van gode in jou is[d] en dat ver-
ligting en insig en buitengewo-
ne wysheid[e] in jou gevind is.
**15** En die wyse manne en die
besweerders is dan nou voor
my ingebring sodat hulle hier-
die skrif kon lees, ja, om die
uitlegging daarvan aan my be-
kend te maak; maar hulle is nie
bekwaam genoeg om die uitleg-
ging van die woord te openbaar
nie.[f] **16** En ek het omtrent
jou gehoor dat jy uitleggings
kan verskaf[g] en knope kan los-
maak. As jy dan nou die skrif
kan lees en die uitlegging daar-
van aan my bekend kan maak
—in purper sal jy geklee word,
met ’n goue ketting om jou nek,
en as die derde in die konink-
ryk sal jy heers.”[h]

**17** Toe het Daniël geant-
woord en voor die koning ge-
sê: “Hou maar u gawes vir uself,
en gee u geskenke maar aan an-
der.[i] Ek sal nietemin die skrif
vir die koning lees, en die uit-
legging sal ek aan hom bekend
maak.[j] **18** Wat u betref, o ko-
ning, die Allerhoogste God[k] het
aan u vader Nebukadne′sar[l] die
koninkryk en die grootheid en
die waardigheid en die majes-
teit gegee.[m] **19** En weens die
grootheid wat Hy hom gegee
het, het alle volke, volksgroe-
pe en tale gebewe en vrees
voor hom geopenbaar.[n] Hy het
doodgemaak wie hy wou; en hy
het verpletter wie hy wou; en
hy het verhef wie hy wou; en
hy het verneder wie hy wou.[a]
**20** Maar toe sy hart hoogmoe-
dig geword en sy gees hom ver-
hard het, sodat hy vermetel ge-
handel het,[b] is hy van die troon
van sy koninkryk afgestoot,
en sy waardigheid is van hom
weggeneem.[c] **21** En hy is on-
der die mensekinders uit ver-
dryf, en sy hart is soos dié van
’n dier gemaak, en by die wilde
esels was sy woonplek.[d] Plante-
groei het hulle hom gegee om
te eet net soos bulle, en deur
die dou van die hemel is sy lig-
gaam natgemaak,[e] totdat hy ge-
weet het dat die Allerhoogste
God die Heerser in die konink-
ryk van die mensdom is en dat
hy daaroor aanstel wie hy wil.[f]

**22** “En wat u, sy seun Bel′-
sasar,[g] betref, u het u hart nie
verneder nie,[h] hoewel u dit al-
les geweet het.[i] **23** Maar teen
die Here van die hemel het u
u verhef,[j] en hulle het selfs die
houers van sy huis voor u ge-
bring;[k] en u en u edelmanne,
u byvrouens en u ondergeskik-
te vrouens het daaruit wyn ge-
drink, en u het blote gode van
silwer en van goud, koper, ys-
ter, hout en klip geloof,[l] wat
niks sien en niks hoor en niks
weet nie;[m] maar die God in
wie se hand u asem is[n] en aan
wie al u weë behoort,[o] het u
nie verheerlik nie.[p] **24** Ge-
volglik is daar van hom af die
rugkant van ’n hand gestuur
en is hierdie skrif geskryf.[q]
**25** En dít is die skrif wat ge-
skryf is: MENE, MENE, TE-
KEL en PARSIN.

**26** “Dít is die uitlegging van
die woord: MENE—God het die
dae van u koninkryk getel en
daar ’n einde aan gemaak.[r]

**HFST. 5**

a Da 1:7, Da 4:8
b Da 1:6, Da 2:25, Da 6:13
c 2Kn 24:14
d Da 1:17, Da 2:23, Da 4:9
e Spr 2:6, Da 1:20
f Jes 47:12, Da 2:10, Da 5:8
g Ge 40:8, Da 2:28
h Da 2:6, Da 5:7
i Est 8:15
j Ps 119:46
k Ps 47:2, Ps 83:18, Ps 92:8, Da 4:17
l Da 5:11
m Da 2:37, Da 2:38
n Jer 25:9, Da 3:4, Da 4:22

**Tweede kol.**

a Spr 16:14, Da 2:12, Da 3:6, Da 3:29
b Spr 16:5, Jes 14:13, Da 4:30, Mi 6:8
c Jes 47:1
d Da 4:25, Da 4:32
e Da 4:33
f Job 34:24, Ps 83:18, Ese 17:24, Da 4:17, Da 4:35
g Da 5:11, Da 5:18
h Mt 23:12
i Lu 12:47, Jak 4:17
j Jes 37:23, Jer 50:29
k Da 5:3
l Jes 37:19, Han 17:29
m De 32:21, Ps 115:5, Ps 135:17, Jes 46:7, 1Ko 8:4
n Ps 104:29, Jes 42:5, Han 17:25
o Spr 20:24, Jer 10:23
p Ro 1:21
q Da 5:5
r Jes 13:11, Jer 25:12, Jer 27:7, Jer 50:1, Jer 51:11

**27** “TEKEL—u is op die
weegskaal geweeg en te lig be-
vind.[a]
**28** “PERES—u koninkryk is
verdeel en aan die Mede en die
Perse gegee.”[b]
**29** Toe het Bel′sasar bevel
gegee, en hulle het Daniël in
purper geklee, met ’n goue ket-
ting om sy nek; en hulle het
aangaande hom aangekondig
dat hy die derde heerser in die
koninkryk sou word.[c]
**30** In daardie selfde nag is
Bel′sasar, die Galdese koning,
doodgemaak[d] **31** en het Da-
ri′us[e] die Meder die koninkryk
ontvang, toe hy ongeveer twee-
en-sestig jaar oud was.

**6** Dari′us het dit goedgevind,
en hy het oor die konink-
ryk honderd-en-twintig satrape
aangestel, wat oor die hele ko-
ninkryk sou wees;[f] **2** en oor
hulle drie hoë amptenare, van
wie Daniël een was,[g] sodat hier-
die satrape[h] voortdurend aan
hulle verslag sou doen en die
koning nie skade sou ly nie.[i]
**3** Toe het hierdie Daniël al
hoe meer uitgeblink bo die hoë
amptenare en die satrape,[j] aan-
gesien ’n buitengewone gees in
hom was;[k] en die koning was
van plan om hom oor die hele
koninkryk te verhef.
**4** In dié tyd het die hoë amp-
tenare en die satrape heeltyd
die een of ander voorwendsel
teen Daniël probeer vind met
betrekking tot die koninkryk;[l]
maar hulle kon hoegenaamd
geen voorwendsel of verdor-
wenheid vind nie, aangesien hy
betroubaar was en daar hoege-
naamd geen nalatigheid of ver-
dorwenheid in hom gevind is
nie.[m] **5** Daarom het hierdie
manne gesê: “Ons sal hoege-
naamd geen voorwendsel in
hierdie Daniël vind nie, tensy
ons dit teen hom vind in die wet
van sy God.”[a]
**6** Toe het hierdie hoë ampte-
nare en satrape by die koning
ingestorm,[b] en só het hulle
vir hom gesê: “O koning Dari′-
us, bly lewe, ja, vir onbepaalde
tye.[c] **7** Al die hoë amptenare
van die koninkryk, die prefekte
en die satrape, die hoë konink-
like beamptes en die goewer-
neurs, het saam beraadslaag
om ’n koninklike insetting te
bevestig[d] en om ’n verbod te
bekragtig, dat enigiemand wat
gedurende dertig dae ’n ver-
soek tot enige god of mens be-
halwe tot u rig, o koning, in
die leeukuil gegooi moet word.[e]
**8** Mag u dan nou, o koning,
die insetting bevestig en die ge-
skrif onderteken,[f] sodat dit nie
verander word nie, volgens die
wet van die Mede en die Perse,[g]
wat nie nietig verklaar word
nie.”[h]
**9** In ooreenstemming hier-
mee het koning Dari′us die ge-
skrif en die verbod onderteken.[i]
**10** Maar net toe Daniël ver-
neem dat die geskrif onderte-
ken is, het hy in sy huis inge-
gaan, en met die vensters van
sy dakvertrek vir hom oop in
die rigting van Jerusalem,[j] het
hy selfs drie keer per dag[k] op
sy knieë gegaan en gebid[l] en
lof gebring voor sy God,[m] net
soos hy voorheen gereeld ge-
doen het.[n] **11** Toe het hier-
die manne saam na binne ge-
dring en Daniël gevind terwyl
hy versoeke gedoen en guns af-
gesmeek het voor sy God.[o]
**12** Toe het hulle nader ge-
kom en voor die koning oor
die verbod van die koning ge-
sê: “Is daar nie ’n verbod wat u
onderteken het dat enigiemand
wat gedurende dertig dae ’n
versoek tot enige god of mens

**HFST. 5**
a Job 31:6, Ro 2:6, 1Ko 3:13, Kol 3:25
b Esr 1:1, Jes 21:2, Jes 45:1, Jer 50:9, Da 6:28, Da 9:1
c Jes 14:2, Da 5:7, Da 5:16
d Jes 21:9, Jer 51:8, Jer 51:31, Jer 51:39, Jer 51:57
e Da 6:1, Da 9:1

**HFST. 6**
f Est 1:1
g Spr 3:16, Jes 14:2, Da 2:48, Da 5:29
h Esr 8:36, Est 8:9, Da 3:2
i Esr 4:22, Est 7:4, Lu 19:23
j Spr 3:35, Spr 22:29
k Da 1:17, Da 5:12
l Ps 37:12, Spr 29:27, Pr 4:4
m Flp 2:15, 1Pe 2:12

**Tweede kol.**
a Est 3:8
b Ps 56:6, Spr 6:18
c Ne 2:3, Da 2:4
d Ps 59:3, Ps 94:20
e Da 3:6, Da 6:16, Da 6:24
f Est 3:12, Est 8:10
g Est 1:19
h Est 8:8
i Da 6:7
j 1Kn 8:30, 1Kn 8:44, 2Kr 6:38, Ps 5:7
k Ps 55:17, Ps 86:3, Kol 4:2
l 1Kn 8:54, 2Kr 6:13, Esr 9:5, Ps 95:6, Lu 22:41, Han 7:60
m Ps 34:1, Ro 12:12
n 1Te 5:17
o Ps 10:9, Ps 37:32

behalwe tot u rig, o koning, in
die leeukuil gegooi moet word
nie?”[a] Die koning het geantwoord
en gesê: “Die saak is
goed bevestig volgens die wet
van die Mede en die Perse, wat
nie nietig verklaar word nie.”[b]
**13** Hulle het onmiddellik geantwoord
en voor die koning
gesê: “Daniël,[c] wat uit die ballinge
van Juda is,[d] het hom nie
aan u gesteur nie, o koning, en
ook nie aan die verbod wat u onderteken
het nie, maar hy doen
drie keer per dag sy versoeke.”[e]
**14** Gevolglik het dit die koning,
die oomblik toe hy die woord
hoor, baie mishaag,[f] en hy het
sy gedagtes op Daniël gerig om
hom te red;[g] en tot sonsondergang
toe het hy sy bes bly doen
om hom te verlos. **15** Uiteindelik
het hierdie manne by die
koning ingestorm en vir die koning
gesê: “Let daarop, o koning,
dat dit ’n wet van die
Mede en die Perse is dat geen
verbod[h] of insetting wat die
koning bevestig, verander mag
word nie.”[i]

**16** Toe het die koning bevel
gegee, en hulle het Daniël gebring
en hom in die leeukuil
gegooi.[j] Die koning het geantwoord
en vir Daniël gesê: “Jou
God wat jy met standvastigheid
dien, hy sal jou red.”[k] **17** En
’n klip is gebring en op die opening
van die kuil gesit, en die
koning het dit met sy seëlring
en met die seëlring van sy edelmanne
verseël, sodat niks in die
geval van Daniël verander sou
word nie.[l]

**18** Toe het die koning na sy
paleis gegaan en die nag met
vas deurgebring,[m] en geen musiekinstrumente
is voor hom ingebring
nie, en sy slaap het
van hom gewyk.[n] **19** Uiteindelik
het die koning, met dagbreek,
in die daglig opgestaan,
en hy het haastig reguit na die
leeukuil gegaan. **20** En toe
hy naby die kuil kom, het hy
met ’n droewige stem na Daniël
geroep. Die koning het begin
praat en vir Daniël gesê:
“O Daniël, kneg van die lewende
God, was jou God wat jy met
standvastigheid dien,[a] in staat
om jou van die leeus te red?”[b]
**21** Onmiddellik het Daniël met
die koning gepraat: “O koning,
bly lewe, ja, tot onbepaalde
tye. **22** My God[c] het sy engel
gestuur[d] en die bek van die
leeus gesluit,[e] en hulle het my
geen leed aangedoen nie, aangesien
daar voor hom onskuld
in my gevind is;[f] en ook voor u,
o koning, het ek geen skadelike
daad verrig nie.”[g]

**23** Toe het die koning baie
bly geword,[h] en hy het bevel gegee
dat Daniël uit die kuil opgetrek
moet word. En Daniël is
uit die kuil opgetrek, en daar
is hoegenaamd geen letsel aan
hom gevind nie, omdat hy op sy
God vertrou het.[i]

**24** En die koning het bevel
gegee, en hulle het dié manne
wat Daniël beskuldig het,[j] gebring
en hulle,[k] hulle seuns en
hulle vrouens in die leeukuil gegooi;[l]
en hulle het nog nie die
bodem van die kuil bereik nie of
die leeus het hulle oorweldig en
al hulle bene verbrysel.[m]

**25** Toe het koning Dari′us
aan al die volke, die volksgroepe
en die tale wat op die hele
aarde woon, geskryf:[n] “Mag
julle vrede baie groot word![o]
**26** Voor my is daar ’n bevel uitgevaardig[p]
dat mense in elke
gebied van my koninkryk moet
bewe en in vrees moet verkeer
voor die God van Daniël.[q]
Want hy is die lewende God en
Een wat tot onbepaalde tye be-

**HFST. 6**
a Da 6:7, Da 6:24
b Est 8:8, Da 6:8
c Da 1:6
d Da 2:25, Da 5:13
e Est 3:8
f Mr 6:26
g 1Kn 8:50
h Da 6:7
i Est 8:8, Ps 94:20, Da 6:8
j Heb 11:33
k Ps 37:39, Ps 91:14, Ps 118:5, Jes 41:10, Jes 43:2, 2Ko 1:10
l Mt 27:66, Han 12:4
m 2Sa 12:16, 1Kn 21:27
n Est 6:1, Da 2:1

**Tweede kol.**
a De 6:5, 1Kr 16:11, Spr 23:17
b Ge 18:14, Mt 19:26, Lu 1:37
c 2Sa 22:7, Ps 31:14
d Ps 34:7, Da 3:28
e 1Sa 17:37, 2Ti 4:17, Heb 11:33
f Ps 24:4, Ps 26:6
g Ro 13:1, 1Pe 2:17
h Spr 16:13
i 2Kr 20:20, Ps 37:40, Spr 18:10
j De 19:19, Est 7:10, Spr 11:8
k Spr 14:35
l Jos 7:24
m Ps 54:5, Jes 38:13
n Est 3:12, Est 8:9, Da 4:1
o Esr 4:17
p Da 3:29
q Ps 99:1, Jer 10:10

staan,[a] en sy koninkryk[b] is een
wat nie vernietig sal word nie,[c]
en sy heerskappy is tot in ewig-
heid.[d] 27 Hy red en verlos[e] en
verrig tekens en wonders in die
hemel[f] en op die aarde,[g] want
hy het Daniël uit die kloue van
die leeus gered.”

28 En hierdie Daniël was
voorspoedig in die koninkryk
van Dari′us[h] en in die konink-
ryk van Kores die Pers.[i]

7 In die eerste jaar van Bel′-
sasar,[j] die koning van Babi-
lon, het Daniël ’n droom gesien
en visioene wat in sy kop gekom
het terwyl hy op sy bed was.[k]
Toe het hy die droom opge-
skryf.[l] Die volledige verslag van
die sake het hy vertel. 2 Da-
niël het begin praat en gesê:

“Ek het in my visioene gedu-
rende die nag gesien, en kyk!
die vier winde[m] van die he-
mel het die uitgestrekte see in
beroering gebring.[n] 3 En vier
yslike diere[o] het uit die see
opgekom,[p] elkeen verskillend[q]
van die ander.

4 “Die eerste was soos ’n
leeu,[r] en hy het die vlerke van
’n arend gehad.[s] Ek het bly kyk
totdat sy vlerke uitgeruk is, en
hy is van die aarde af opgehef[t]
en is soos ’n mens op twee voete
orent geplaas, en ’n mensehart
is aan hom gegee.[u]

5 “En kyk! ’n ander dier, ’n
tweede, wat soos ’n beer was.[v]
En sy een kant is opgelig,[w] en
daar was drie ribbebene in sy
bek tussen sy tande; en só het
hulle vir hom gesê: ‘Staan op,
eet baie vleis.’[x]

6 “Hierna het ek gesien, en
kyk! ’n ander dier, een soos ’n
luiperd,[y] maar hy het vier vler-
ke van ’n voël op sy rug gehad.
En die dier het vier koppe ge-
had,[z] en aan hom is daar inder-
daad heerskappy gegee.

7 “Hierna het ek in die nag-
visioene gesien, en kyk! ’n
vierde dier, vreeswekkend en
verskriklik en buitengewoon
sterk.[a] En hy het groot yster-
tande gehad. Hy het verslind en
verbrysel, en wat oorgebly het,
het hy met sy pote vertrap. En
hy was verskillend van al die
ander diere wat voor hom was,
en hy het tien horings gehad.[b]
8 Ek het op die horings bly ag
gee, en kyk! ’n ander horing, ’n
kleintjie,[c] het tussen hulle uit-
gekom, en drie van die eerste
horings is voor hom uitgeruk.
En kyk! daar was oë soos die oë
van ’n mens in hierdie horing,
en daar was ’n mond wat groot-
se dinge gespreek het.[d]

9 “Ek het bly kyk totdat
daar trone neergesit is[e] en die
Oue van Dae[f] gaan sit het. Sy
klere was wit soos sneeu,[g] en
die hare van sy kop was soos
skoon wol.[h] Sy troon was vuur-
vlamme;[i] die wiele daarvan
was ’n brandende vuur.[j] 10 ’n
Stroom vuur het gevloei en
voor hom uitgegaan.[k] Duisend
duisende het hom bly dien,[l] en
tienduisend maal tienduisend
het reg voor hom bly staan.[m]
Die Hof[n] het gaan sit, en boeke
is geopen.

11 “Ek het toe bly kyk
weens die geluid van die groot-
se woorde wat die horing ge-
spreek het;[o] ek het bly kyk tot-
dat die dier doodgemaak en sy
liggaam vernietig is en hy aan
die brandende vuur oorgegee
is.[p] 12 Maar wat die res van
die diere betref,[q] hulle heer-
skappy is weggeneem, en ’n ver-
lenging van lewe is aan hulle
gegee vir ’n tyd en ’n tydperk.[r]

**HFST. 6**
a De 5:26; Ps 90:2; Da 4:34; 1Pe 1:23; Op 4:9
b Da 2:44
c Ps 93:1
d Ps 29:10; Op 15:3
e Ps 18:48; Ps 32:7; Da 3:28
f Han 2:19
g Jer 32:20; Da 4:3; Heb 2:4
h Da 5:31; Da 6:2
i 2Kr 36:22; Esr 1:1; Jes 44:28

**HFST. 7**
j Jer 27:7; Da 5:1; Da 5:30
k Nu 12:6; Job 33:15; Jer 23:28; Da 2:19; Da 8:1
l Jes 30:8; Hab 2:2; 2Ti 3:16; Op 1:11
m Ef 2:2; Ef 6:12
n Jes 57:20; Op 17:15
o Da 7:17
p Op 13:1
q Da 7:19
r Spr 30:30; Da 2:38; Jl 1:6
s De 28:49; Jer 48:40; Klg 4:19; Hab 1:8
t Da 4:30
u 2Sa 17:10; Ps 9:20
v Spr 17:12; Da 2:39
w Da 5:28; Da 8:3
x Jes 13:18; Da 11:2
y Da 2:39; Da 8:5; Da 10:20; Da 11:3
z Da 8:8; Da 11:4

**Tweede kol.**
a Da 2:40; Da 7:19
b Op 13:1
c Da 7:24; Op 13:11
d 1Sa 2:3; Ps 12:3; Da 8:25; Op 13:5
e Op 20:4
f Ps 90:2; Da 7:13; Da 7:22; Hab 1:12; Op 4:2

g Ps 104:2; Op 19:8; h Op 1:14; i Jes 6:1; j De 9:3; Heb 12:29; k Ps 50:3; Ps 97:3; l Heb 1:14; m De 33:2; 1Kn 22:19; Ps 68:17; Heb 12:22; Jud 14; Op 5:11; n De 32:36; 1Sa 2:10; Ps 7:11; Ps 50:6; Pr 3:17; o Da 7:8; Da 7:25; Da 8:23; p Da 8:25; Op 19:20; Op 20:10; q Da 7:3; r Da 2:21; Han 1:7.

**13** “Ek het in die nagvisi-
oene gesien, en kyk! met die
wolke[a] van die hemel het
iemand soos ’n seun van die
mens[b] gekom; en hy het toe-
gang tot die Oue van Dae[c]
verkry, en hulle het hom tot
naby, ja, tot voor Hom gebring.[d]
**14** En aan hom is heerskappy[e]
en waardigheid[f] en ’n konink-
ryk[g] gegee, sodat al die vol-
ke, volksgroepe en tale hóm sou
dien.[h] Sy heerskappy is ’n heer-
skappy van onbepaalde duur
wat nie sal verbygaan nie, en sy
koninkryk een wat nie vernie-
tig sal word nie.[i]
**15** “Wat my, Daniël, betref,
my gees was innerlik benoud
hieroor, en die visioene van my
hoof het my begin bang maak.[j]
**16** Ek het tot naby een van dié
gegaan wat daar gestaan het,
sodat ek van hom betroubare
inligting oor dit alles kon vra.[k]
En terwyl hy die uitlegging van
die sake aan my bekend ge-
maak het, het hy vir my gesê:
**17** “‘Wat hierdie yslike die-
re betref, omdat hulle vier is,[l]
is daar vier konings wat uit die
aarde sal opstaan.[m] **18** Maar
die heiliges[n] van die Opperwe-
se[o] sal die koninkryk ontvang,
en hulle sal die koninkryk vir
onbepaalde tyd in besit neem,[p]
ja, vir onbepaalde tyd tot onbe-
paalde tye.’
**19** “Toe wou ek sekerheid
verkry oor die vierde dier, wat
verskillend was van al die an-
der, buitengewoon vreeswek-
kend, waarvan die tande van
yster en die kloue van koper
was, wat verslind en verbry-
sel het, en wat selfs wat oor-
gebly het, met sy pote vertrap
het;[q] **20** en oor die tien ho-
rings wat op sy kop was,[r] en die
ander horing[s] wat uitgekom het
en waarvoor drie geval het,[t] ja,
dié horing wat oë gehad het en
’n mond wat grootse dinge ge-
spreek het[a] en waarvan die
voorkoms groter was as dié van
die ander.
**21** “Ek het bly kyk toe daar-
die selfde horing teen die heili-
ges oorlog gevoer het, en hy het
die oorhand oor hulle gekry,[b]
**22** totdat die Oue van Dae[c] ge-
kom het en oordeel ten gunste
van die heiliges van die Opper-
wese[d] gevel is en die bepaalde
tyd aangebreek het dat die hei-
liges die koninkryk in besit ge-
neem het.[e]
**23** “Só het hy gesê: ‘Wat die
vierde dier betref, ’n vierde ko-
ninkryk sal op die aarde tot
stand kom, wat verskillend sal
wees van al die ander konink-
ryke; en dit sal die hele aar-
de verslind en sal dit vertrap
en verbrysel.[f] **24** En wat die
tien horings betref, uit daar-
die koninkryk sal tien konings
opstaan;[g] en nog ’n ander een
sal ná hulle opstaan, en hy
sal verskillend wees van die
eerstes,[h] en hy sal drie ko-
nings verneder.[i] **25** En hy sal
selfs woorde teen die Aller-
hoogste spreek,[j] en die heili-
ges van die Opperwese[k] sal hy
voortdurend teister. En sy be-
doeling sal wees om tye[l] en wet
te verander,[m] en hulle sal vir ’n
tyd en tye en ’n halwe tyd in sy
hand gegee word.[n] **26** En die
Hof het gesit,[o] en sy heerskap-
py het hulle uiteindelik wegge-
neem, om hom te verdelg en
hom heeltemal te vernietig.[p]
**27** “‘En die koninkryk en die
heerskappy en die grootsheid
van die koninkryke onder die
ganse hemel is gegee aan die

**HFST. 7**

a Mt 24:30; Mt 26:64; Mr 13:26; Mr 14:62; Lu 21:27; Op 1:7
b Mt 25:31; Joh 3:13; Han 7:56; Flp 2:7; Heb 2:14; Op 1:13; Op 14:14
c Da 7:9; Hab 1:12
d Heb 12:23; Op 5:5
e Ps 2:6; Ps 8:6; Ps 89:27; Ps 110:2; Jes 9:6; Mt 28:18; Lu 10:22; 1Ko 15:25; Ef 1:22; Op 3:21
f Flp 2:9
g Lu 19:12; Lu 22:29; Joh 3:35
h Ge 49:10
i Ps 45:6; Jes 9:7; Da 2:44; Lu 1:33; Op 11:15
j Da 8:27
k Da 12:6
l Da 7:3
m Da 2:39
n Ps 50:5; Ps 149:5; 2Ti 2:12; Op 3:21; Op 5:10; Op 13:10
o Da 7:22; Da 7:25; Da 7:27
p Mt 5:5; Mt 19:28; Lu 22:29
q Da 2:40; Da 7:7
r Da 7:24; Op 13:1
s Da 8:9
t Da 7:8

**Tweede kol.**

a Op 13:11
b Da 8:24; Da 12:7; Op 11:7; Op 13:7
c Da 7:9; Da 7:13; Hab 1:12
d Da 7:18; Da 7:27
e Mt 19:28; Lu 22:29; Op 1:6; Op 3:21; Op 5:10; Op 20:4
f Da 2:40; Da 7:7
g Da 7:20; Op 13:1; Op 17:12

**h** Da 2:41; Da 7:8; Da 8:9; **i** Da 7:20; **j** Da 7:8; Da 8:25; Op 13:11; **k** Mt 24:9; Op 11:7; Op 13:7; Op 16:6; Op 17:6; Op 18:24; **l** Da 4:23; Lu 21:24; **m** Mt 24:14; **n** Da 12:7; Op 11:2; Op 11:3; Op 13:5; **o** Da 7:10; **p** Da 7:11.

volk wat die heiliges van die
Opperwese is.[a] Hulle konink-
ryk is ’n koninkryk van onbe-
paalde duur,[b] en al die heer-
skappye sal hulle dien en
gehoorsaam.’[c]
28 “Tot hiertoe is die einde
van die saak. Wat my, Daniël,
betref, my gedagtes het my
steeds baie bang gemaak, sodat
my gelaatskleur verander het;
maar die saak het ek in my hart
bewaar.”[d]

8 In die derde jaar van die ko-
ningskap van koning Bel′-
sasar[e] het daar aan my, ja aan
my, Daniël, ’n visioen verskyn,
ná die een wat in die begin aan
my verskyn het.[f] 2 En ek het
in die visioen begin sien; en ter-
wyl ek gekyk het, was ek in
die kasteel Susan,[g] wat in die
regsgebied Elam[h] is; en ek het
in die visioen gesien, en ek was
by die waterloop Ulai.[i] 3 Toe
ek my oë opslaan, het ek ge-
sien, en kyk! ’n ram[j] wat voor
die waterloop staan, en hy het
twee horings gehad. En die
twee horings was lank, maar
die een was langer as die ander,
en die langste het laaste uitge-
kom.[k] 4 Ek het die ram stoot-
bewegings na die weste en na
die noorde en na die suide sien
maak, en geen wilde dier het
voor hom bly staan nie, en daar
was niemand wat enigsins uit
sy hand verlos het nie.[l] En hy
het gedoen net wat hy wil, en
hy het hom baie groot gehou.
5 En wat my betref, ek het
bly ag gee, en kyk! daar het
’n bokram[m] van die sonsonder-
gang af oor die oppervlak van
die hele aarde gekom, en hy het
nie aan die aarde geraak nie.
En die bokram het ’n opvallen-
de horing tussen sy oë gehad.[n]
6 En hy het na die ram toe aan-
gekom wat die twee horings ge-
had het, wat ek voor die water-
loop sien staan het; en hy het in
sy geweldige woede na hom toe
aangehardloop gekom.
7 En ek het hom tot reg by
die ram sien kom, en hy het
bitterheid teenoor hom begin
toon, en hy het die ram neer-
gestoot en sy twee horings ge-
breek, en daar was geen krag
in die ram om voor hom te bly
staan nie. Hy het hom dus teen
die grond gegooi en hom ver-
trap, en die ram het niemand
gehad wat hom uit sy hand ver-
los het nie.[a]
8 En die bokram het hom
uitermate groot gehou;[b] maar
net toe hy magtig geword het,
is die groot horing gebreek, en
daar het op opvallende wyse
vier in sy plek uitgekom, na die
vier windstreke van die hemel.[c]
9 En uit een van hulle het
’n ander horing voortgekom, ’n
kleintjie,[d] en hy het baie groter
geword na die suide en na die
sonsopgang en na die Sieraad[e]
toe. 10 En hy het groter ge-
word tot reg by die leër van
die hemel,[f] sodat hy party van
die leër en party van die ster-
re[g] op die aarde laat val het, en
hy het hulle vertrap.[h] 11 En
hy het hom baie groot gehou
tot reg by die Vors[i] van die
leër, en van hom is die voort-
durende kenmerk[j] weggeneem,
en die vaste plek van sy heilig-
dom is neergewerp.[k] 12 En ’n
leër is geleidelik oorgegee,[l] te-
same met die voortdurende
kenmerk,[m] weens oortreding;[n]
en hy het die waarheid[o] op die
aarde bly werp,[p] en hy het opge-
tree en was suksesvol.[q]
13 En ek het ’n sekere heili-
ge[r] hoor praat, en ’n ander hei-
lige het vir die een wat praat,
gesê: “Hoe lank sal die visioen

HFST. 7
a Jes 54:3, Da 7:22, Mt 19:28, Lu 22:29, Op 20:4
b Op 11:15
c Jes 60:12
d Lu 2:19

HFST. 8
e Da 5:1
f Da 7:1, Da 7:15
g Ne 1:1, Est 2:8
h Ge 10:22, Jes 11:11, Jes 21:2
i Da 8:16
j Jes 13:17, Jes 21:2, Jer 51:11, Da 7:5, Da 8:20
k Est 1:3, Jes 44:28, Da 11:2
l Jes 45:1, Jer 51:12, Da 5:30
m Da 2:39, Da 7:3, Da 8:21
n Da 11:3

Tweede kol.
a Da 7:6
b Spr 21:24, Jes 29:20
c Da 8:22, Da 11:4
d Da 7:8, Da 7:20
e Ps 48:2, Jes 4:2, Jes 28:5, Ese 20:6, Da 11:16, Da 11:45
f Jes 14:13, Da 7:25
g Da 12:3, Op 1:20
h Op 11:7
i Da 8:25
j Eks 29:38, Da 12:11
k Da 11:31, 1Ko 3:17, Op 3:12, Op 11:2
l Mt 24:9, Op 11:7, Op 13:7
m Nu 28:23, Esr 3:5, Ho 14:2, Heb 13:15
n Ps 106:6, Jes 44:22
o Joh 4:24
p Jes 59:14
q Jer 12:1
r 1Pe 1:12

duur van die voortdurende ken-
merk[a] en van die oortreding
wat verwoesting veroorsaak,[b]
om die heiligdom sowel as die
leër dinge te maak om te ver-
trap?”[c] **14** Toe het hy vir my
gesê: “Tot tweeduisend-drie-
honderd aande en oggende; en
die heiligdom sal beslis tot sy
regte toestand gebring word.”[d]

**15** Terwyl ek, Daniël, die vi-
sioen gesien en probeer ver-
staan het,[e] kyk! toe het daar
iemand voor my gestaan wat
soos ’n man gelyk het.[f] **16** En
ek het die stem van ’n mens
vanuit die Ulai[g] begin hoor, en
hy het uitgeroep en gesê: “Ga′-
briël,[h] laat die een daar ver-
staan wat hy sien.”[i] **17** Toe
het hy gekom tot waar ek ge-
staan het, maar toe hy kom, het
ek verskrik geword sodat ek op
my gesig geval het. En hy het
vir my gesê: “Verstaan,[j] o men-
sekind,[k] dat die visioen vir die
tyd van die einde is.”[l] **18** En
terwyl hy met my gepraat het,
het ek met my gesig op die aar-
de vas aan die slaap geraak.[m]
Toe het hy aan my geraak en
my laat opstaan daar waar ek
gestaan het.[n] **19** En hy het
gesê: “Kyk, ek maak aan jou be-
kend wat aan die einde van
die veroordeling sal plaasvind,
want dit is vir die vasgestelde
tyd van die einde.[o]

**20** “Die ram wat jy gesien
het met die twee horings, staan
vir die konings van Medië en
Persië.[p] **21** En die harige bok-
ram staan vir die koning van
Griekeland;[q] en wat die groot
horing betref wat tussen sy oë
was, dit staan vir die eerste ko-
ning.[r] **22** En dat dit gebreek
is, sodat daar uiteindelik vier in
sy plek opgestaan het:[s] daar sal
vier koninkryke uit sy nasie op-
staan, maar nie met sy krag nie.

**23** “En aan die einde van hul-
le koninkryk, terwyl die oortre-
ders hulle dade tot voltooiing
bring, sal daar ’n koning op-
staan wat kwaai van gelaat is
en dubbelsinnige gesegdes ver-
staan.[a] **24** En sy krag sal mag-
tig word, maar nie deur sy eie
krag nie.[b] En op ’n wonderba-
re wyse sal hy verwoesting aan-
rig,[c] en hy sal beslis suksesvol
wees en doeltreffend handel.
En hy sal magtiges verdelg, ook
die volk wat uit die heiliges be-
staan.[d] **25** En volgens sy insig
sal hy ook beslis bedrog in sy
hand laat slaag.[e] En in sy hart
sal hy hom baie groot hou,[f] en
gedurende ’n tyd van sorgeloos-
heid[g] sal hy talle verdelg. En
teen die Vors van die vorste[h] sal
hy opstaan, maar hy sal sonder
hand verbreek word.[i]

**26** “En wat jy gesien het om-
trent die aand en die oggend,
wat gesê is, dit is waar.[j] En jy,
hou die visioen geheim, want
dit is nog vir baie dae.”[k]

**27** En ek, Daniël, het uitge-
put gevoel en was ’n paar dae
lank siek.[l] Toe het ek opgestaan
en die werk van die koning ge-
doen;[m] maar ek was lamgeslaan
as gevolg van wat ek gesien het,
en daar was niemand wat dit
verstaan het nie.[n]

**9** In die eerste jaar van Dari′-
us,[o] die seun van Ahas′ve-
ros, uit die saad van die Mede,[p]
wat koning gemaak is oor die
koninkryk van die Galdeërs;[q]
**2** in die eerste jaar van sy rege-
ring het ek, Daniël, uit die
boeke die getal jare onderskei
waaroor die woord van Jehovah
tot die profeet Jeremia gekom
het,[r] om die verwoestings van
Jerusalem te vervul,[s] naamlik

**HFST. 8**

a Op 6:10
b Da 12:11; Mt 24:15; Mr 13:14
c Jes 63:18; Da 7:25; Da 12:7; Op 11:2
d Jes 1:27; Jes 45:25; Jes 60:17; Op 11:11
e Da 1:17
f Da 7:16
g Da 8:2
h Da 9:21; Lu 1:19; Lu 1:26
i Da 9:22
j Da 9:23
k Ese 2:1
l Da 10:14; Da 12:4; Da 12:9
m Da 10:9
n Da 10:10; Sag 4:1
o Da 11:27; Mt 24:3
p Da 7:5; Da 8:3; Da 11:2
q Da 7:6; Da 8:5
r Da 11:3
s Da 8:8; Da 11:4

**Tweede kol.**

a Da 7:8; Da 7:11; Op 13:11
b Lu 4:6; Op 13:2; Op 13:7
c Da 7:25; Op 11:18
d Da 8:10; Op 13:10; Op 16:6
e Da 7:8; Op 13:13
f Spr 16:18; Spr 21:4
g Jer 22:21
h Jer 48:26; Da 5:23; Da 8:11
i Da 7:26; Op 19:20
j Jes 14:24; Jes 46:10; Jes 55:11
k Da 10:14; Op 22:10
l Da 7:28; Da 10:16
m Da 2:48
n Da 8:17

**HFST. 9**

o Da 5:31; Da 6:1; Da 6:28
p Da 11:1
q Da 5:28; Da 5:30

r 2Kr 36:21; Esr 1:1; Jer 27:7; Sag 1:12; s Ps 79:1; Jes 64:10; Jer 7:34; Klg 1:1.

sewentig jaar.[a] **3** En ek het
my aangesig[b] tot Jehovah, die
ware God, gerig om hom te soek
met gebed[c] en met dringende
versoeke, met gevas en sak en
as.[d] **4** En ek het tot Jehovah
my God begin bid en belydenis
gedoen en gesê:[e]

"Ag, Jehovah, die ware God,
die Grote[f] en die Vreesinboese-
mende, wat die verbond[g] en die
liefderyke goedhartigheid[h] hou
teenoor dié wat hom liefhet en
teenoor dié wat sy gebooie on-
derhou,[i] **5** ons het gesondig[j]
en verkeerd gedoen en godde-
loos gehandel en in opstand ge-
kom;[k] en daar is van u gebooie
en van u regterlike beslissings
afgewyk.[l] **6** En ons het nie
geluister na u knegte, die profe-
te,[m] wat in u naam met ons ko-
nings, ons vorste en ons voor-
vaders en met die hele volk
van die land gespreek het nie.[n]
**7** Aan u, o Jehovah, behoort die
regverdigheid, maar aan ons
die skaamte van aangesig soos
dit vandag is,[o] aan die manne
van Juda en aan die inwoners
van Jerusalem en aan die hele
Israel, dié wat naby is en dié
wat ver weg is in al die lande
waarheen u hulle verstrooi het
weens hulle ontrouheid waar-
mee hulle teen u gehandel het.[p]

**8** "O Jehovah, aan ons be-
hoort die skaamte van aange-
sig, aan ons konings, aan ons
vorste en aan ons voorvaders,
omdat ons teen u gesondig het.[q]
**9** Aan Jehovah ons God be-
hoort die barmhartighede[r] en
die dade van vergifnis,[s] want
ons het teen hom in opstand ge-
kom.[t] **10** En ons het nie die
stem van Jehovah ons God ge-
hoorsaam deur te wandel in sy
wette wat hy deur die hand van
sy knegte, die profete, voor ons
gestel het nie.[u] **11** En die hele
Israel het u wet oortree, en hul-
le het afgewyk deur nie u stem
te gehoorsaam nie,[a] sodat u die
vloek en die geswore eed[b] wat
geskrywe staan in die wet van
Moses, die kneg van die ware
God, oor ons uitgestort het,
want ons het teen Hom geson-
dig. **12** En hy het sy woorde
uitgevoer wat hy gespreek het
teen ons[c] en teen ons rigters
wat ons gerig het,[d] deur groot
rampspoed oor ons te bring, so-
dat daar onder die ganse hemel
nie gedoen is wat in Jerusalem
gedoen is nie.[e] **13** Net soos
daar in die wet van Moses ge-
skrywe staan,[f] al hierdie ramp-
spoed—dit het oor ons gekom,[g]
en ons het nie die aangesig van
Jehovah ons God versag deur
ons van ons oortreding af te
keer[h] en deur insig in u waarag-
tigheid te toon nie.[i]

**14** "En Jehovah het wakker
gebly ten opsigte van die ramp-
spoed en dit uiteindelik oor ons
gebring,[j] want Jehovah ons God
is regverdig in al sy werke wat
hy gedoen het; en ons het nie sy
stem gehoorsaam nie.[k]

**15** "En nou, o Jehovah ons
God, u wat u volk met 'n sterk
hand uit Egipteland uitgelei
het[l] en vir u 'n naam gemaak
het soos dit vandag is,[m] ons
het gesondig,[n] ons het godde-
loos gehandel. **16** O Jehovah,
laat asseblief u toorn en u woe-
de, volgens al u dade van reg-
verdigheid,[o] van u stad Jerusa-
lem, u heilige berg,[p] wyk; want
weens ons sondes en weens
die oortredings van ons voor-
vaders[q] is Jerusalem en u volk
'n voorwerp van smaad vir al-
mal rondom ons.[r] **17** Luister
dan nou, o ons God, na die

**HFST. 9**

a Jer 25:11, Jer 29:10, Sag 7:5
b 2Ko 1:11
c Spr 15:8, Spr 15:29, Jer 33:3
d Esr 8:21, Est 4:3, Ps 35:13, Ps 69:10, Ese 27:31
e 1Kn 8:47
f Ne 1:5
g De 7:9
h Eks 34:6, Ps 40:11
i De 5:10
j Esr 9:6, Ps 106:6
k Ne 9:26, Ne 9:33
l Jer 3:25
m 2Kn 17:14, 2Kr 36:16, Jer 7:13, Jer 29:19, Jer 44:5
n Esr 9:7, Ne 9:32
o Ps 44:15, Jer 2:26, Jer 3:25
p Le 26:33, De 4:27, De 28:41, 2Kn 17:6, Jes 11:11
q Ps 106:6, Jer 14:20, Klg 3:42
r Eks 34:6, Ne 9:17
s Nu 14:18, Ps 86:5
t Ne 9:26
u 2Kn 17:13, Esr 9:10

**Tweede kol.**

a Jes 1:4, Jer 8:10
b De 28:15, De 31:17
c Klg 2:17
d Ho 7:7
e Jer 1:14, Jer 39:8
f Le 26:16, De 28:15
g Klg 1:1
h Jes 9:13, Jes 64:7, Jer 2:30, Jer 5:3
i Ps 25:10, Ps 117:2
j Jer 44:2
k Ne 9:33
l Eks 6:1, Eks 32:11
m Eks 9:16, Ne 9:10, Ps 106:8
n Da 9:5
o Ps 9:8, Ps 31:1, Ps 89:14, Jes 26:9

p Ps 48:2; Jes 66:20; Jl 3:17; q Le 26:39; Ps 106:6; r 1Kn 9:7; Ps 79:4; Jer 24:9.

gebed van u kneg en na sy drin-
gende versoeke, en laat u aan-
gesig skyn[a] oor u heiligdom wat
woes lê,[b] ter wille van Jeho-
vah. **18** Neig u oor, o my God,
en hoor.[c] Open tog u oë en
sien ons verlate toestande en
die stad wat na u naam ge-
noem is;[d] want nie op grond van
ons regverdige dade bring ons
ons dringende versoeke voor u
nie,[e] maar op grond van u tal-
le barmhartighede.[f] **19** O Je-
hovah, hoor tog.[g] O Jehovah,
vergewe tog.[h] O Jehovah, skenk
tog aandag en tree op.[i] Moenie
talm nie,[j] ter wille van uself, o
my God, want u naam is oor u
stad en oor u volk uitgeroep."[k]

**20** Terwyl ek nog gepraat en
gebid en my sonde[l] en die sonde
van my volk Israel bely het[m] en
my versoek om guns aangaan-
de die heilige berg[n] van my God
voor Jehovah my God gebring
het, **21** en terwyl ek nog in
die gebed gepraat het, kyk, toe
het die man Gabriël,[o] wat ek, af-
gemat van moegheid, in die be-
gin in die visioen gesien het,[p]
ten tye van die aandoffergawe[q]
by my aangekom. **22** En hy
het my begrip gegee en met my
gepraat en gesê:

"O Daniël, nou het ek ge-
kom om jou insig met begrip
te laat kry.[r] **23** By die begin
van jou dringende versoeke het
'n woord uitgegaan, en ek het
gekom om berig te bring, want
jy is 'n besonder geliefde man.[s]
Gee dan ag[t] op die saak en ver-
staan wat jy sien.

**24** "Sewentig weke is oor jou
volk[u] en oor jou heilige stad[v]
vasgestel, om die oortreding
te beëindig[w] en om aan son-
de 'n einde te maak[x] en om vir
die ongeregtigheid versoening
te doen[y] en om regverdigheid
vir onbepaalde tye in te bring[z]
en om op visioen en profeet 'n
seël te druk[a] en om die Heili-
ge der Heilige te salf.[b] **25** En
jy moet weet en die insig hê dat
daar vanaf die uitgang van die
woord[c] om Jerusalem te herstel
en te herbou[d] tot op Messi'as[e]
die Leier[f] sewe weke sal wees,
ook twee-en-sestig weke.[g] Dit
sal terugkeer en herbou word,
met 'n openbare plein en grag,
maar in tye van benoudheid.

**26** "En ná die twee-en-sestig
weke sal die Messias uitgeroei
word,[h] met niks vir hom nie.[i]

"En die volk van 'n leier wat
kom, sal die stad en die hei-
lige plek[j] verwoes.[k] En die ein-
de daarvan sal deur die vloed
wees. En tot die einde toe sal
daar oorlog wees; dit waarop
besluit is, is verwoestings.[l]

**27** "En hy sal die verbond[m]
een week lank vir baie van krag
laat bly;[n] en teen die helfte van
die week sal hy offerande en of-
fergawe laat ophou.[o]

"En op die vleuel van walgli-
ke dinge sal die een wees wat
verwoesting veroorsaak;[p] en
totdat 'n uitroeiing volbring is,
sal dit waarop besluit is, ook
uitgestort word oor die een wat
woes lê."[q]

**10** In die derde jaar van Ko-
res,[r] die koning van Per-
sië, is 'n saak geopenbaar aan
Daniël, wat Belt'sasar genoem
is;[s] en die saak was waar, en
daar was 'n groot krygsdiens.[t]
En hy het die saak begryp, en
hy het verstaan wat hy gesien
het.[u]

**2** In daardie dae het ek, Da-
niël, drie volle weke getreur.[v]

**HFST. 9**
a Nu 6:25, Ps 4:6, Ps 67:1
b Jes 64:10, Klg 5:18
c 1Kn 8:29, Ps 17:6
d Jer 7:10, Jer 25:29
e Jes 64:6, Jer 14:7
f De 13:17, Ps 25:6, Ps 102:13, Jes 54:7
g 1Kn 8:30
h Nu 14:19
i 2Kr 6:21
j Ps 79:8
k Jes 63:19, Jer 14:9
l Ps 32:5, Pr 7:20
m Jes 6:5
n Ps 87:1, Jes 56:7, Sag 8:3
o Da 8:16, Lu 1:19
p Da 8:1
q 1Kn 18:36, Esr 9:5
r Da 8:15
s Da 10:11, Da 10:19
t Spr 2:3
u Eks 33:16
v Ne 11:1, Ps 87:3, Jes 52:1
w Jes 61:1
x Jer 31:34, Lu 1:77, Ro 6:18, Heb 9:26
y Ro 3:25, 2Ko 5:19, 1Jo 2:2, 1Jo 4:10
z Jes 53:11, Jes 61:11, Ro 1:17

**Tweede kol.**
a Joh 3:33, 2Ko 1:20
b Heb 9:7, Heb 9:24
c Ne 2:5
d Ne 6:15
e 1Sa 2:10, Ps 2:2, Lu 17:21, Joh 1:41
f 1Kr 5:2, Jes 55:4, Da 11:22, Mt 23:10, Joh 1:49
g Lu 3:1
h Ps 22:15, Jes 53:8, Jes 53:12, Mt 26:2, Lu 24:26, 1Ko 15:3
i Mr 9:12
j Mt 24:15
k Lu 19:43, Lu 21:20

**l** Mt 24:7; Lu 21:22; Lu 21:24; **m** Ge 15:18; Ge 17:7; Lu 1:55; **n** Mt 3:9; Mt 10:6; Mt 15:24; Joh 19:15; **o** Mt 27:51; 2Ko 5:17; Heb 9:12; Heb 10:10; **p** Mr 13:14; **q** Da 7:7; Da 7:23; Lu 21:20; **HFST. 10** **r** Esr 1:1; Jes 45:1; Da 1:21; Da 6:28; **s** Da 1:7; Da 4:8; **t** Da 10:13; Da 11:2; **u** Da 1:17; **v** Jer 9:1; Da 9:3.

**3** Smaaklike brood het ek nie
geëet nie, en geen vleis of wyn
het in my mond gekom nie,
en ek het my geensins gesalf
totdat die drie volle weke om
was nie.[a] **4** En op die vier-
en-twintigste dag van die eer-
ste maand, terwyl ek op die oe-
wer van die groot rivier was,
dit is die Hidde′kel,[b] **5** het ek
ook my oë opgeslaan en gesien,
en daar was ’n man in linne
geklee,[c] met sy heupe[d] omgord
met goud van Ufas.[e] **6** En sy
liggaam was soos chrisoliet,[f] en
sy gesig het die voorkoms van
weerlig gehad,[g] en sy oë was
soos vuurfakkels,[h] en sy arms
en die plek van sy voete het
soos blinkgevryfde koper ge-
lyk,[i] en die geluid van sy woor-
de was soos die geluid van ’n
menigte. **7** En ek, Daniël, ek
alleen het die verskyning ge-
sien; maar wat die manne be-
tref wat saam met my was, hul-
le het nie die verskyning gesien
nie.[j] ’n Groot bewing het hulle
egter oorval, sodat hulle gevlug
het om weg te kruip.

**8** En ek—ek het alleen oor-
gebly, sodat ek hierdie groot
verskyning gesien het. En geen
krag het in my oorgebly nie,
en my waardigheid het aan my
verander en verdwyn, en ek het
geen krag behou nie.[k] **9** En
ek het die geluid van sy woorde
begin hoor; en terwyl ek die ge-
luid van sy woorde gehoor het,
was ek ook vas aan die slaap[l] op
my gesig, met my gesig op die
aarde.[m] **10** En kyk! ’n hand
het aan my geraak,[n] en dit het
my geleidelik aangespoor om
op my knieë en my handpalms
te kom. **11** En hy het vir my
gesê:

“O Daniël, besonder geliefde
man,[o] verstaan die woorde wat
ek met jou spreek,[p] en staan op
daar waar jy gestaan het, want
ek is nou na jou toe gestuur.”

En toe hy hierdie woord met
my spreek, het ek al bewende
opgestaan.

**12** En hy het vir my gesê:
“Moenie bang wees nie,[a] o Da-
niël, want van die eerste dag
af dat jy jou hart gegee het
om te verstaan[b] en jou voor jou
God te verneder,[c] is jou woor-
de gehoor, en ek het weens jou
woorde gekom.[d] **13** Maar die
vors[e] van die koninklike gebied
van Persië[f] het my een-en-twin-
tig dae lank teëgestaan,[g] en
kyk! Mi′gael,[h] een van die ver-
naamste vorste,[i] het gekom om
my te help; en ek het daar by
die konings van Persië gebly.[j]
**14** En ek het gekom om jou te
laat verstaan wat jou volk[k] aan
die einde van die dae sal oor-
kom,[l] want dit is ’n visioen[m]
nog vir die toekomstige dae.”[n]

**15** En toe hy hierdie woorde
met my spreek, het ek my gesig
na die aarde gekeer[o] en stom
geword. **16** En kyk! iemand
wat soos die mensekinders ge-
lyk het, het aan my lippe ge-
raak,[p] en ek het my mond begin
oopmaak en gepraat[q] en vir die
een wat voor my gestaan het,
gesê: “O my heer,[r] weens die
verskyning het krampe my van
binne oorval, en ek het geen
krag behou nie.[s] **17** Hoe kon
die kneg van my heer dan met
my heer praat?[t] En wat my be-
tref, tot nou toe het geen krag
in my gebly nie, en hoegenaamd
geen asem het in my oorgebly
nie.”[u]

**18** En die een wat soos ’n
mens gelyk het, het weer aan
my geraak en my versterk.[v]
**19** Toe het hy gesê: “Moenie
bang wees nie,[w] o besonder ge-
liefde man.[x] Mag jy vrede hê.[y]

**HFST. 10**

a 2Sa 14:2
b Ge 2:14
c Da 12:6; Op 19:8; Op 19:14
d Jes 11:5; Op 1:13
e Jer 10:9
f Eks 28:20; Ese 1:16; Op 21:20
g Ese 1:14; Mt 17:2
h Op 1:14; Op 2:18
i Ese 1:7; Op 1:15
j 2Kn 6:17; Han 9:7; Han 22:9
k Da 7:28; Da 8:27; Hab 3:16; Mt 17:6
l Ge 15:12; Job 33:15
m Da 8:18
n Jer 1:9; Da 9:21; Op 1:17
o Spr 15:9; Da 10:19
p Da 9:22

**Tweede kol.**

a Jes 35:4; Op 1:17
b 1Kn 8:49; Han 10:4
c Da 9:3
d Spr 15:8; Spr 15:29; Da 9:23
e Ef 6:12; Op 13:4
f Esr 4:5; Da 11:2
g 1Te 2:18
h Da 10:21; Da 12:1; Jud 9; Op 12:7
i Joh 17:5; Kol 2:10; 1Pe 3:22
j Da 6:28
k Ga 3:29; Ga 6:16
l Da 2:28
m Jes 46:10
n Da 8:17; Da 8:26; Da 12:4
o Da 8:18
p Jes 6:7; Jer 1:9
q Ese 33:22
r Jos 5:14; Da 12:8
s Da 10:8
t Rig 6:22
u Jes 6:5
v Da 10:10
w Rig 6:23; Op 1:17
x Da 9:23
y Lu 24:36

Wees sterk, ja, wees sterk."[a]
En net toe hy met my praat,
het ek my kragte ingespan en
uiteindelik gesê: "Laat my heer
praat,[b] want u het my ver-
sterk."[c] **20** Toe het hy gesê:

"Weet jy werklik waarom ek
na jou toe gekom het? En nou
sal ek teruggaan om met die
vors van Persië te veg.[d] Wan-
neer ek weggaan, kyk! dan kom
ook die vors van Griekeland.[e]
**21** Ek sal jou egter die dinge
vertel wat in die geskrif van die
waarheid opgeteken staan,[f] en
daar is niemand wat my in hier-
die dinge kragtig ondersteun
nie, behalwe julle vors[g] Mi′-
gael.[h]

**11** "En in die eerste jaar
van Dari′us die Meder[i]
het ek as 'n versterker en as
'n vesting vir hom opgestaan.
**2** En nou sal ek jou vertel wat
die waarheid is:[j]

"Kyk! Daar sal nog drie ko-
nings vir Persië opstaan,[k] en
die vierde[l] sal groter rykdom as
al die ander vergaar.[m] En sodra
hy in sy rykdom sterk geword
het, sal hy alles teen die ko-
ninkryk van Griekeland in be-
weging bring.[n]

**3** "En 'n magtige koning sal
beslis opstaan en met uitgebrei-
de heerskappy heers[o] en doen
net wat hy wil.[p] **4** En wan-
neer hy opgestaan het,[q] sal sy
koninkryk verbreek word en na
die vier windstreke[r] van die he-
mel verdeel word,[s] maar nie aan
sy nageslag nie[t] en nie volgens
sy heerskappy waarmee hy ge-
heers het nie; want sy konink-
ryk sal uitgeruk word, ja, vir
ander as hulle.

**5** "En die koning van die sui-
de sal sterk word, ja, een van
sy vorste; en hy sal die oor-
hand oor hom kry en sal be-
slis heers met uitgebreide heer-
skappy, groter as daardie een se
heersersmag.

**6** "En na verloop van 'n aan-
tal jare sal hulle 'n bondgenoot-
skap met mekaar aangaan, en
die dogter van die koning van
die suide sal na die koning van
die noorde toe kom om 'n billike
ooreenkoms aan te gaan. Maar
sy sal nie die krag van haar arm
behou nie;[a] en hy sal nie stand-
hou nie, ook nie sy arm nie;
en sy sal prysgegee word, sy en
dié wat haar inbring en hy wat
haar geboorte veroorsaak het
en die een wat haar in daardie
tye sterk maak. **7** En een uit
die spruit[b] van haar wortels sal
gewis in sy posisie opstaan, en
hy sal na die krygsmag kom en
teen die vesting van die koning
van die noorde kom en sal ge-
wis teen hulle optree en die oor-
hand kry. **8** En ook met hulle
gode,[c] met hulle gegote beelde,
met hulle begeerlike voorwerpe
van silwer en van goud en met
die gevangenes sal hy na Egip-
te kom. En hy sal 'n aantal jare
op 'n afstand bly van die koning
van die noorde.

**9** "En hy sal in die konink-
ryk van die koning van die sui-
de inkom en na sy eie land te-
ruggaan.

**10** "En wat sy seuns betref,
hulle sal hulle gereedmaak en
'n menigte groot krygsmagte
versamel. En wanneer hy kom,
sal hy beslis kom en oorstroom
en deurtrek. Maar hy sal terug-
gaan, en hy sal die hele pad tot
by sy vesting slaggereed bly.

**11** "En die koning van die
suide sal verbitterd word en
sal moet uitgaan en teen hom
moet veg, dit is teen die ko-
ning van die noorde; en hy sal
beslis 'n groot menigte laat op-
staan, en die menigte sal in

**HFST. 10**
a Jes 35:4, Hag 2:4, Sag 8:9, 1Ko 16:13
b 1Sa 3:10
c Ps 138:3
d Da 10:13
e Da 7:6, Da 8:5, Da 11:3
f Jes 43:9, Am 3:7
g Da 12:1
h Da 10:13, Jud 9, Op 12:7

**HFST. 11**
i Da 5:31, Da 9:1
j Spr 22:21
k Esr 4:5
l Esr 4:6
m Est 1:1
n Ge 10:2, Ge 10:4, Jes 66:19, Da 8:21, Sag 9:13
o Da 7:6, Da 8:5, Da 8:21
p Da 5:19
q Ps 37:35
r Ese 12:14, Ese 17:21
s Da 7:6, Da 8:8, Da 8:22
t Pr 4:8

**Tweede kol.**
a Job 38:15
b Job 14:7
c Jes 37:19, Jes 43:10

die hand van daardie een gegee
word.[a] **12** En die menigte sal
beslis weggevoer word. Sy hart
sal hom verhef,[b] en hy sal tien-
duisende laat val; maar hy sal
nie sy sterk posisie benut nie.

**13** “En die koning van die
noorde sal terugkeer en ’n gro-
ter menigte as die eerste op die
been bring; en na verloop van
die tye, ’n aantal jare, sal hy
kom, en wel met ’n groot krygs-
mag[c] en met ’n groot klomp
goed.[d] **14** En in dié tye sal
baie teen die koning van die sui-
de opstaan.

“En wat die seuns van die
rowers betref wat tot jou volk
behoort, hulle sal meegesleep
word om te probeer om ’n visi-
oen te laat uitkom;[e] en hulle sal
moet struikel.[f]

**15** “En die koning van die
noorde sal kom en ’n beleëring-
skans opwerp[g] en ’n stad met
verskansings inneem. En wat
die arms van die suide betref,
hulle sal nie standhou nie, ook
nie die manskappe van sy uit-
gesoektes nie; en daar sal geen
krag wees om stand te hou
nie. **16** En die een wat teen
hom kom, sal doen net wat hy
wil, en niemand sal voor hom
standhou nie. En hy sal in die
Sieraadland[h] staan, en daar sal
uitroeiing in sy hand wees.[i]
**17** En hy sal sy aangesig daar-
op rig[j] om met die krag van sy
hele koninkryk te kom, en bil-
like[k] voorwaardes sal hom ver-
gesel; en hy sal doeltreffend op-
tree.[l] En wat die dogter van
die vroue betref, dit sal aan
hom gegee word om haar in die
verderf te stort. En sy sal nie
standhou nie, en sy sal nie syne
bly nie.[m] **18** En hy sal sy gesig
terugdraai na die kuslande[n] en
sal baie inneem. En ’n aanvoer-
der sal die smaad wat van hom
afkomstig is, vir homself moet
laat ophou, sodat sy smaad nie
sal wees nie. Hy sal dit op daar-
die een laat terugval. **19** En
hy sal sy aangesig terugdraai
na die vestings van sy eie land,
en hy sal beslis struikel en val,
en hy sal nie gevind word nie.[a]

**20** “En in sy posisie sal daar
een[b] opstaan wat ’n eiser[c] deur
die pragtige koninkryk laat
trek, en binne enkele dae sal
hy verbreek word, maar nie in
toorn of in oorlog nie.

**21** “En in sy posisie sal daar
een opstaan wat verag sal
word,[d] en hulle sal beslis nie die
waardigheid van die konink-
ryk op hom lê nie; en hy sal
gedurende ’n tyd van sorgeloos-
heid[e] inkom en die koninkryk
deur middel van vleiery[f] ver-
kry. **22** En wat die arms[g] van
die vloed betref, hulle sal weens
hom oorstroom word, en hul-
le sal verbreek word;[h] so ook[i]
die Leier[j] van die verbond.[k]
**23** En omdat hulle ’n bondge-
nootskap met hom aangaan, sal
hy bedrog pleeg en opkom en
magtig word deur middel van
’n klein nasie.[l] **24** Gedurende
’n tyd van sorgeloosheid[m] sal
hy selfs in die vetheid van die
regsgebied ingaan en doen wat
sy vaders en sy grootvaders nie
gedoen het nie. Roof en buit
en goed sal hy onder hulle uit-
strooi; en teen vestings sal hy
sy planne beraam,[n] maar net
tot ’n sekere tyd.

**25** “En hy sal sy krag en
sy hart teen die koning van
die suide opwek met ’n groot
krygsmag; en wat die koning
van die suide betref, hy sal
hom vir die oorlog gereedmaak
met ’n uiters groot en magtige
krygsmag. En hy sal nie stand-
hou nie, want hulle sal planne
teen hom beraam. **26** En juis

**HFST. 11**
a Pr 9:11
b 2Kn 14:10, 2Kr 26:16, Spr 16:18, Ese 28:2, Da 5:20
c 2Kn 6:15
d 1Sa 25:13
e Han 5:36
f Han 5:37
g Jer 6:6, Jer 32:24
h Ps 48:2, Ese 20:6, Da 8:9, Da 11:41, Da 11:45
i Pr 8:9
j 2Kr 20:3
k Da 11:6
l Da 11:28
m Spr 19:21
n Jer 2:10

**Tweede kol.**
a Ps 27:2, Ps 37:17, Ps 37:36
b Lu 2:1
c Lu 2:2, Han 5:37
d Ps 12:8, Lu 2:1, Lu 3:1
e Jer 22:21, Da 8:25
f Ps 55:21
g 2Kr 32:8
h Ps 10:15
i Ge 3:15, Jes 53:10, Mr 15:20, Han 3:15
j 1Kr 5:2, Jes 55:4, Da 9:25, Joh 1:49
k Ge 15:18, Da 9:27, Lu 1:55, Han 3:25
l Flp 1:13
m Da 8:25
n Ps 36:4, Spr 6:18

dié wat sy lekkernye eet, sal sy
verbreking meebring.
“En wat sy krygsmag betref,
dit sal weggespoel word, en
daar sal beslis baie gesneuwel-
des val.
**27** “En wat hierdie twee ko-
nings betref, hulle hart sal ge-
neig wees om te doen wat sleg
is, en aan een tafel[a] sal hul-
le leuens bly spreek.[b] Maar niks
sal slaag nie,[c] want die einde is
nog vir die vasgestelde tyd.[d]
**28** “En hy sal met ’n groot
hoeveelheid goed na sy land te-
ruggaan, en sy hart sal teen die
heilige verbond wees.[e] En hy
sal doeltreffend optree[f] en be-
slis na sy land teruggaan.
**29** “Op die vasgestelde tyd[g]
sal hy teruggaan, en hy sal
teen die suide kom;[h] maar dit
sal die laaste keer nie wees soos
die eerste keer nie. **30** En die
skepe van Kittim[i] sal beslis
teen hom kom, en hy sal ter-
neergedruk moet raak.
“En hy sal teruggaan en ver-
oordelings[j] teen die heilige ver-
bond[k] slinger en doeltreffend
optree; en hy sal moet terug-
gaan en sal ag gee op dié wat
die heilige verbond verlaat.
**31** En daar sal arms opstaan
wat van hom uitgaan; en hul-
le sal die heiligdom, die vesting,
ontheilig[l] en die voortdurende
kenmerk verwyder.[m]
“En hulle sal beslis die walg-
like ding[n] wat verwoesting ver-
oorsaak,[o] opstel.
**32** “En dié wat goddeloos
handel teen die verbond,[p] sal
hy deur middel van vleiende
woorde[q] tot afvalligheid lei.[r]
Maar die volk wat hulle God
ken,[s] sal seëvier[t] en doeltref-
fend optree. **33** En wat dié be-
tref wat insig het[u] onder die
volk, hulle sal aan talle be-
grip verleen.[v] En hulle sal beslis
struikel deur swaard en deur
vlam, deur gevangenskap en
deur plundering,[a] ’n aantal dae
lank. **34** Maar wanneer hulle
struikel, sal hulle met ’n bietjie
hulp gehelp word;[b] en baie sal
beslis deur middel van vleiery
by hulle aansluit.[c] **35** En par-
ty van dié wat insig het, sal
struikel,[d] om weens hulle ’n lou-
teringswerk te doen en om te
reinig en wit te maak,[e] tot die
tyd van die einde toe;[f] want dit
is nog vir die vasgestelde tyd.[g]
**36** “En die koning sal doen
net wat hy wil, en hy sal hom
verhef en hom groot maak bo
elke god;[h] en teen die God van
die gode[i] sal hy wonderlike
dinge spreek. En hy sal beslis
suksesvol wees totdat die ver-
oordeling tot ’n einde gekom
het;[j] want dít waarop besluit is,
moet gedoen word. **37** En op
die God van sy vaders sal hy
geen ag gee nie; en op die be-
geerte van vroue en op enige
ander god sal hy geen ag gee
nie, maar hy sal hom bo almal
groot maak.[k] **38** Maar aan die
god van vestings sal hy in sy po-
sisie heerlikheid gee; en aan ’n
god wat sy vaders nie geken het
nie, sal hy heerlikheid gee deur
middel van goud en deur mid-
del van silwer en deur middel
van edelstene en deur middel
van begeerlike dinge. **39** En
hy sal doeltreffend optree teen
die mees versterkte vestings,
tesame met ’n vreemde god. Al-
mal wat aan hom erkenning ge-
gee het, sal hy oorvloedig laat
wees in heerlikheid, en hy sal
hulle onder baie laat heers; en
die grond sal hy teen ’n prys
uitdeel.
**40** “En in die tyd van die ein-
de sal die koning van die suide[l]

**HFST. 11**

a 1Ko 10:21, 1Ti 4:1
b Ps 12:2, Ps 58:3, Ps 64:5, Spr 12:5, Spr 12:20, Spr 26:23, 1Ti 4:2
c Spr 19:21
d Da 12:9, Hab 2:3, 2Ti 3:1
e 2Sa 7:12, 2Sa 23:5, Ps 89:28, Lu 1:33, Lu 22:29
f Da 11:17
g Mt 24:3, Lu 21:24
h Mt 24:7
i Ge 10:4, Nu 24:24, Jes 23:1, Jer 2:10, Ese 27:6
j Joh 15:20
k Da 11:28
l Da 8:11, Da 12:7, Op 11:2
m Eks 29:38, Nu 28:3, Ps 119:44, Da 8:12, Da 12:11
n Da 12:11, Mt 24:15, Op 13:15, Op 17:8
o Lu 21:20
p Lu 22:29
q Ps 55:21
r 2Te 2:3
s 1Kr 28:9, Joh 17:3, Ro 10:13
t Jl 2:32
u Spr 1:3, Jes 32:3, Da 12:10, Mt 13:11, Mt 24:45
v Spr 9:9, Sag 8:23, Mt 24:14

**Tweede kol.**

a Mt 10:18, Mt 24:9, Joh 16:2, Op 2:10, Op 12:17, Op 16:6
b Lu 18:7, Op 7:15, Op 12:16
c Ps 5:9, Mt 7:15, Han 20:29, Ga 1:10, 2Pe 2:3
d Mt 10:22, Op 2:10
e Da 12:10
f Mal 3:2, Mt 24:3, Op 7:14
g Da 11:40
h Jes 14:14, Da 8:25, 2Te 2:4

i De 10:17; Ps 82:1; Ps 136:2; j Sef 3:8; k Jes 14:13; l Op 13:11.

in ’n stotery met hom betrok-
ke raak, en die koning van die
noorde sal hom bestorm met
strydwaens en met ruiters en
met baie skepe; en hy sal be-
slis in die lande ingaan en oor-
stroom en deurtrek. **41** Hy
sal ook in die Sieraadland[a] in-
gaan,[b] en baie lande sal strui-
kel.[c] Maar dié sal uit sy hand
ontkom: Edom en Moab[d] en die
vernaamste deel van die kin-
ders van Ammon. **42** En hy
sal sy hand teen die lande bly
uitsteek; en wat Egipteland[e]
betref, dit sal nie ontkom nie.
**43** En hy sal oor die verborge
skatte van die goud en die sil-
wer en oor al die begeerlike
dinge van Egipte heers. En die
Libiërs en die Etiopiërs sal sy
voetstappe volg.

**44** “Maar daar sal berigte
wees wat hom sal ontstel,[f] van-
uit die sonsopgang[g] en vanuit
die noorde, en hy sal beslis met
’n groot woede uitgaan om te
verdelg en om baie aan vernieti-
ging oor te gee.[h] **45** En hy sal
sy paleistente tussen die groot
see en die heilige Sieraadberg[i]
opslaan; en hy sal geheel en al
tot sy einde moet kom,[j] en daar
sal vir hom geen helper wees
nie.[k]

**12** “En gedurende daardie
tyd sal Mi′gael[l] opstaan,[m]
die groot vors[n] wat ten behoe-
we van die kinders van jou volk
staan.[o] En daar sal beslis ’n tyd
van benoudheid wees soos daar
nie was sedert ’n nasie ontstaan
het tot op daardie tyd nie.[p] En
gedurende daardie tyd sal jou
volk ontkom,[q] elkeen wat in die
boek opgeskryf gevind word.[r]
**2** En baie van dié wat in die
stof van die aarde slaap, sal ont-
waak,[s] sommige tot lewe vir on-
bepaalde tyd[t] en sommige tot
smaadhede en tot afsku vir on-
bepaalde tyd.[a]

**3** “En dié wat insig het, sal
skyn soos die glans van die uit-
spansel;[b] en dié wat baie tot
regverdigheid bring,[c] soos die
sterre tot onbepaalde tyd, ja,
vir ewig.

**4** “En jy, o Daniël, hou die
woorde geheim en verseël die
boek,[d] tot die tyd van die ein-
de toe.[e] Baie sal rondswerf, en
die ware kennis sal oorvloedig
word.”[f]

**5** En ek, Daniël, ek het ge-
sien, en kyk! daar het twee an-
der gestaan,[g] een op die oewer
duskant die stroom en die an-
der op die oewer anderkant
die stroom.[h] **6** Toe het een vir
die man, geklee in die linne,[i]
wat bokant die waters van die
stroom was, gesê: “Hoe lank sal
dit wees tot die einde van die
wonderlike dinge?”[j] **7** En ek
het die man, geklee in die linne,
wat bokant die waters van die
stroom was, begin hoor toe hy
sy regterhand en sy linkerhand
na die hemel ophef en sweer[k] by
die Een wat vir onbepaalde tyd
lewe:[l] “Dit sal ’n vasgestelde
tyd, vasgestelde tye en ’n halwe
tyd wees.[m] En sodra daar ’n ein-
de gemaak is aan die verplette-
ring van die mag van die heili-
ge volk,[n] sal al hierdie dinge tot
’n einde kom.”

**8** En wat my betref, ek het
gehoor, maar ek kon nie ver-
staan nie,[o] sodat ek gesê het: “O
my heer, wat sal die einde van
hierdie dinge wees?”[p]

**9** En hy het gesê: “Gaan,
Daniël, want die woorde word
geheim gehou en verseël tot
die tyd van die einde toe.[q]
**10** Baie sal hulle reinig[r] en

**HFST. 11**
a Ps 48:2; Ese 20:6; Da 8:9; Da 11:16; Da 11:45
b Ese 38:11; Ese 38:18
c Mt 24:10
d Jer 48:46
e Jer 9:26
f Ese 38:16
g Op 16:12
h Ese 38:9
i Da 11:16
j Jes 34:2; Jer 25:31; Ese 39:4; 2Te 1:9
k Op 19:20

**HFST. 12**
l Da 10:13; Jud 9
m Ps 110:1; Mt 24:30; Heb 10:13; Op 12:7
n Jos 5:14; Jes 9:6; Ese 34:24; Da 10:21
o Ro 2:29; Ga 3:29; Ga 6:16
p Mt 24:21
q Jes 26:20; Jl 2:31; Mt 24:22; Op 7:13
r Mal 3:16; Lu 10:20; Heb 12:23; Op 3:5
s Joh 5:28; Op 20:4
t Mt 25:46; Joh 5:29; Joh 6:40

**Tweede kol.**
a Spr 10:7; Mt 24:51; Mt 25:46
b Da 11:33; Mt 13:43
c 1Ti 4:16; Op 7:9
d Da 8:26; Op 10:4
e Da 8:17; Da 12:9
f Ps 97:11; Jes 11:9; Jes 58:10; Op 22:17
g Da 10:6; Da 10:16
h Da 10:4
i Da 10:5
j Ps 74:10; Op 6:10
k De 32:40; Job 27:2; Jer 4:2; Jer 12:16; Op 10:5
l Da 4:34; Op 4:9; Op 10:6

**m** Da 7:25; Op 11:2; Op 12:6; Op 12:14; Op 13:5; **n** Da 8:24; Mt 24:9; Op 11:7; **o** Lu 18:34; Han 1:7; 1Pe 1:11; **p** Da 8:17; Da 10:14; **q** Da 8:26; Da 12:4; **r** Ps 51:7; Ese 36:25.

hulle wit maak[a] en sal gelouter
word.[b] En die goddeloses sal be-
slis goddeloos handel,[c] en geen-
een van die goddeloses sal ver-
staan nie;[d] maar dié wat insig
het, sal verstaan.[e]
**11** “En van die tyd af dat die
voortdurende kenmerk[f] verwy-
der is[g] en die walglike ding[h] wat
verwoesting veroorsaak, opge-
stel is, sal daar duisend-twee-
honderd-en-negentig dae wees.
**12** “Gelukkig[a] is hy wat in
afwagting bly en wat die dui-
send-driehonderd-vyf-en-dertig
dae bereik!
**13** “En wat jou betref, gaan
die einde tegemoet;[b] en jy sal
rus,[c] maar jy sal opstaan tot jou
bestemming aan die einde van
die dae.”[d]

**HFST. 12**
a Jes 1:18; Op 7:14
b Da 11:35; Mal 3:3
c 2Ti 3:2; 2Ti 3:13
d Jes 32:6; Ho 14:9
e Ps 111:10; Spr 3:4; Da 11:33; Da 12:3; 1Jo 5:20
f Da 8:11; Da 11:31; Heb 13:15; 1Pe 2:5
g Op 11:7
h Da 11:31; Mr 13:14; **Tweede kol.** a Jak 1:12; Jak 5:11; b Ge 25:8; c Joh 11:13; 1Te 4:13; d Ps 45:16; Joh 11:24; Han 17:31; Han 24:15; Op 20:12.

# HOSEA

**1** Die woord van Jehovah[a] wat
tot Hose′a,[b] die seun van
Beëri, gekom het in die dae[c] van
Ussi′a,[d] Jotam,[e] Agas[f] en His-
ki′a,[g] konings van Juda, en in
die dae van Jero′beam,[h] die seun
van Joas,[i] die koning van Israel.
**2** Die woord van Jehovah deur
Hose′a het begin, en Jehovah
het vir Hose′a gesê: “Gaan,[j]
neem vir jou ’n vrou van hoere-
ry en kinders van hoerery, want
deur hoerery keer die land hom
gewis daarvan af om Jehovah te
volg.”[k]
**3** En hy het gegaan en Go-
mer, die dogter van Dibla′im,
geneem, sodat sy swanger ge-
word en na verloop van tyd vir
hom ’n seun gebaar het.[l]
**4** En Jehovah het vir hom ge-
sê: “Noem hom Jis′reël,[m] want
nog ’n klein rukkie en ek sal
van die huis van Jehu[n] reken-
skap eis vir die dade van bloed-
vergieting van Jis′reël, en ek sal
’n einde maak aan die koninkli-
ke heerskappy van die huis van
Israel.[o] **5** En in dié dag sal ek
die boog van Israel in die laag-
vlakte van Jis′reël verbreek.”[p]
**6** En sy het weer swanger ge-
word en aan ’n dogter geboorte
gegee. En Hy het vir hom gesê:
“Noem haar Lo-Ruha′ma,[a] want
ek sal verder nie meer aan die
huis van Israel barmhartigheid
bewys nie,[b] omdat ek hulle ge-
wis sal wegneem.[c] **7** Maar aan
die huis van Juda sal ek barm-
hartigheid bewys,[d] en ek sal
hulle deur Jehovah hulle God
red;[e] maar ek sal hulle nie deur
’n boog of deur ’n swaard of deur
oorlog, deur perde of deur rui-
ters, red nie.”[f]
**8** En sy het Lo-Ruha′ma ein-
delik gespeen, en sy het swan-
ger geword en aan ’n seun ge-
boorte gegee. **9** Toe het Hy
gesê: “Noem hom Lo-Ammi,
want julle is nie my volk nie, en
ek sal nie julle s’n wees nie.
**10** “En die getal van die kin-
ders van Israel sal soos die
sandkorrels van die see word,
wat nie gemeet of getel kan
word nie.[g] En op die plek waar
daar voorheen vir hulle gesê is:
‘Julle is nie my volk nie’,[h] sal
daar vir hulle gesê word: ‘Die
kinders van die lewende God.’[i]
**11** En die kinders van Juda en
die kinders van Israel sal beslis
tot ’n eenheid bymekaargebring
word[j] en sal vir hulle een hoof

**HFST. 1**
a 2Pe 1:21
b Ro 9:25
c Jes 1:1; Mi 1:1
d 2Kn 15:13; 2Kr 26:1
e 2Kn 15:32
f 2Kn 16:1
g 2Kn 18:1
h 2Kn 14:23
i 2Kn 13:10
j Jes 20:2; Jer 13:1
k De 31:16; Ps 73:27
l Jes 8:3; Ho 3:1
m Ho 2:22
n 2Kn 10:31
o 2Kn 15:10
p Ps 37:15

**Tweede kol.**
a Ho 2:23
b Jes 27:11; 1Pe 2:10
c 2Kn 17:6; 2Kn 17:23
d 2Kn 19:34; Ho 11:12
e 2Kn 19:35
f Ps 33:16; Jes 37:36
g Ge 13:16; Ge 26:4; Ro 9:27; Heb 11:12
h Ro 9:26; 1Pe 2:10
i Joh 1:12; Ro 8:14; 2Ko 6:18
j Esr 3:1; Jes 11:12; Jer 3:18; Jer 30:3; Ese 37:17; Mi 2:12; Ro 11:26

aanstel en uit die land optrek,[a]
want groot sal die dag van Jis′-
reël wees.[b]

**2** “SÊ vir julle broers: ‘My
volk!’[c] en vir julle susters:
‘O vrou aan wie barmhartigheid
bewys is!’[d] **2** Voer ’n regsaak
met julle moeder;[e] voer ’n reg-
saak, want sy is nie my vrou nie[f]
en ek is nie haar man nie.[g] En
sy moet haar hoerery voor haar
verwyder en haar dade van eg-
breuk tussen haar borste uit,[h]
**3** sodat ek haar nie kaal uit-
trek[i] en haar neersit soos op die
dag toe sy gebore is[j] en haar
soos ’n wildernis stel[k] en haar
soos ’n waterlose land maak[l] en
haar van dors laat sterf nie.[m]
**4** En aan haar kinders sal ek
nie barmhartigheid bewys nie,[n]
want hulle is die kinders van
hoerery.[o] **5** Want hulle moe-
der het hoerery gepleeg.[p] Sy
wat met hulle swanger was, het
skandelik opgetree,[q] want sy
het gesê: ‘Ek wil agter dié aan
loop wat my hartstogtelik lief-
het,[r] dié wat my brood en my
water, my wol en my linne, my
olie en my drank gee.’[s]

**6** “Daarom, kyk, ek versper
jou weg rondom met dorings; en
ek sal ’n klipmuur teen haar op-
stapel,[t] sodat sy haar eie paaie
nie sal vind nie.[u] **7** En sy sal
haar hartstogtelike minnaars
agternasit, maar hulle nie in-
haal nie;[v] en sy sal hulle beslis
soek, maar hulle nie vind nie.
En sy sal moet sê: ‘Ek wil gaan
en na my man terugkeer,[w] die
eerste een,[x] want ek het dit toe
beter gehad as nou.’[y] **8** Maar
sy het nie erken[z] dat ek aan
haar die graan[a] en die soet wyn
en die olie gegee het nie, en dat
ek silwer vir haar oorvloedig
laat wees het nie, en goud, wat
hulle vir Baäl gebruik het.[b]

**9** “‘Daarom sal ek omdraai
en beslis my graan wegneem
op sy tyd en my soet wyn op
sy tyd,[a] en ek sal my wol en my
linne wegruk wat haar naakt-
heid bedek.[b] **10** Ek sal dan
nou haar geslagsdele voor die
oë van haar hartstogtelike min-
naars ontbloot,[c] en daar sal
geen man wees wat haar
uit my hand ruk nie.[d] **11** En
ek sal beslis al haar vreugde,[e]
haar feeste,[f] haar nuwemane[g]
en haar sabbatte en al haar fees-
tye laat ophou. **12** En ek sal
haar wingerdstok[h] en haar vye-
boom verwoes,[i] waarvan sy ge-
sê het: “Dit is ’n geskenk aan
my, wat my hartstogtelike min-
naars my gegee het”; en ek sal
dit ’n woud maak,[j] en die wil-
de diere van die veld sal dit be-
slis verslind. **13** En ek sal van
haar rekenskap eis[k] vir die dae
van die Baäl-beelde[l] waarvoor
sy voortdurend offerrook laat
opgaan het,[m] toe sy haar met
haar ring en haar sieraad ver-
sier het[n] en agter haar harts-
togtelike minnaars aan geloop
het,[o] en my het sy vergeet’,[p] is
die woord van Jehovah.

**14** “‘Daarom, kyk, ek oor-
reed haar, en ek sal haar die wil-
dernis laat ingaan,[q] en ek sal tot
haar hart spreek.[r] **15** En van
dan af sal ek haar haar winger-
de gee,[s] en die Agorlaagvlakte[t]
as ’n deur tot hoop; en daar sal
sy beslis antwoord soos in die
dae van haar jeug[u] en soos die
dag toe sy uit Egipteland opge-
trek het.[v] **16** En in dié dag’,
is die woord van Jehovah, ‘sal
jy my My man noem, en jy sal
my nie meer My eienaar noem
nie.’[w]

**HFST. 1**
a Jer 23:5; Ese 34:23
b Ho 2:22

**HFST. 2**
c Jer 31:33; Ese 36:28; Sag 13:9
d Ho 2:23; 1Pe 2:10
e Jer 2:2; Ese 20:4
f Jes 50:1; Jer 3:8
g Jer 3:1
h Jer 3:9; Ese 16:25
i Jer 13:22; Ese 16:37
j Ese 16:4
k Jes 33:9; Ese 19:13
l Jer 51:43
m Rig 15:18
n Jer 13:14; Ese 9:10; Ro 9:18
o Jes 57:3; Joh 8:41
p Jes 1:21; Jer 3:1; Ese 16:15; Ese 23:5; Ho 3:1
q Esr 9:6; Jer 2:26; Da 9:7; Ho 9:10
r Jes 57:8; Ese 23:16; Ho 8:9
s Jer 44:18
t Job 3:23; Klg 3:7
u Job 19:8
v Jes 30:2; Ho 5:13
w Jer 31:18; Ho 5:15; Lu 15:18
x Ese 16:8; Ese 23:4
y De 32:13; Ne 9:25; Lu 15:17
z De 32:28; Jes 1:3
a Jer 44:17; Ese 16:19
b Eks 32:4; Rig 17:4; Jes 46:6; Ho 8:4; Ho 13:2

**Tweede kol.**
a Jes 17:11; Ese 16:27
b Ese 23:26; Sef 1:13
c Jer 13:26; Ese 16:37; Ese 23:29
d Ps 50:22; Ho 5:14
e Jes 24:8; Jer 7:34; Am 8:10

f 1Kn 12:32; Am 5:21; g Jes 1:13; h Ps 80:12; Jes 5:5; i Jer 5:17; Jer 8:13; j Jes 29:17; Jer 26:18; Mi 3:12; k Jer 23:2; Am 3:2; Sag 10:3; l Rig 3:7; 1Kn 16:31; 2Kn 10:28; m Jer 7:9; Jer 18:15; Ho 11:2; n Ese 23:40; o Jer 2:25; p Jes 17:10; Jer 2:32; Ese 22:12; q Ese 20:35; r Jes 40:2; s De 30:5; Jes 65:21; Jer 32:15; Ese 28:26; Am 9:14; t Jos 7:26; Jes 65:10; u Jer 2:2; Ese 16:22; v Eks 15:1; Ho 12:13; w Jes 54:5; Jer 3:14.

17 “ ‘En ek sal die name van
die Baäl-beelde uit haar mond
verwyder,[a] en hulle sal nie meer
by hulle naam onthou word
nie.[b] 18 En ek sal beslis in dié
dag vir hulle ’n verbond sluit
met betrekking tot die wilde
diere van die veld[c] en die voëls
van die hemel en die kruipen-
de diere van die aarde, en die
boog en die swaard en oorlog sal
ek uit die land verbreek,[d] en ek
sal hulle in veiligheid laat lê.[e]
19 En ek sal my aan jou ver-
loof tot onbepaalde tyd,[f] en ek
sal my aan jou verloof in reg-
verdigheid en in geregtigheid
en in liefderyke goedhartigheid
en in barmhartighede.[g] 20 En
ek sal my aan jou verloof in ge-
trouheid; en jy sal Jehovah be-
slis ken.’[h]
21 “ ‘En in dié dag sal ek ant-
woord’, is die woord van Je-
hovah, ‘ek sal die hemel ant-
woord, en dié sal die aarde
antwoord;[i] 22 en die aarde sal
die graan[j] en die soet wyn en
die olie antwoord; en dié sal Jis′-
reël [‘God sal saad saai’] ant-
woord.[k] 23 En ek sal haar be-
slis vir my soos saad op die
aarde saai,[l] en ek sal barmhar-
tigheid bewys aan haar aan wie
geen barmhartigheid bewys is
nie,[m] en ek sal vir dié wat nie
my volk is nie, sê: “Julle is my
volk”;[n] en hulle sal sê: “U is my
God.” ’ ”[o]

3 En Jehovah het vir my ge-
sê: “Gaan weer eens, bemin
’n vrou wat deur ’n metgesel
bemin word[p] en egbreuk pleeg,
soos in die geval van Jehovah
se liefde vir die kinders van Is-
rael[q] terwyl hulle hulle tot an-
der gode wend[r] en lief is vir ro-
synekoeke.”[s]
2 En ek het haar vir my ge-
koop vir vyftien silwerstukke[t]
en ’n homer gars en ’n halwe
homer gars. 3 Toe het ek vir
haar gesê: “Baie dae sal jy as
myne woon.[a] Jy mag nie hoere-
ry pleeg nie,[b] en jy mag nie ’n
ander man s’n word nie;[c] en ek
sal ook so teenoor jou wees.”
4 Want die kinders van Is-
rael sal baie dae sonder ko-
ning[d] en sonder vors en sonder
offerande[e] en sonder pilaar en
sonder efod[f] en terafim woon.[g]
5 Daarna sal die kinders van Is-
rael terugkom en beslis Jehovah
hulle God en Dawid hulle ko-
ning[h] soek;[i] en hulle sal beslis
sidderend na Jehovah[j] en na sy
goedheid kom aan die einde van
die dae.[k]

4 Hoor die woord van Jeho-
vah, o kinders van Israel,
want Jehovah het ’n regsaak
met die inwoners van die land,[l]
want daar is geen waarheid[m]
of liefderyke goedhartigheid of
kennis van God in die land nie.[n]
2 Vervloekinge[o] en bedrog[p] en
moord[q] en diefstal[r] en egbreuk[s]
het toegeneem, en dade van
bloedvergieting het aan ander
dade van bloedvergieting ge-
raak.[t] 3 Daarom sal die land
treur,[u] en elke inwoner daarvan
sal moet wegkwyn met die wil-
de diere van die veld en met die
voëls van die hemel, en selfs die
visse van die see sal in die dood
versamel word.[v]
4 “Laat geen man egter twis
nie,[w] en laat geen man tereg-
wys nie, want jou volk is soos
dié wat met ’n priester twis.[x]
5 En jy sal beslis bedags strui-
kel,[y] en selfs ’n profeet sal saam
met jou struikel, soos in die
nag.[z] En ek sal jou moeder tot
swye bring.[a] 6 My volk sal be-

HFST. 2
a Eks 23:13 Jos 23:7 Sag 13:2
b Jer 10:11
c Jes 11:6 Ese 34:25
d Ps 46:9 Jes 2:4 Ese 39:9 Sag 9:10
e Le 26:5 Jer 23:6 Ese 34:25 Mi 4:4
f Jer 3:14
g Ps 85:10 Jer 4:2 Mi 7:18
h Jes 54:13 Jer 9:24 Jer 24:7 Jer 31:34 Ese 38:23 Heb 8:11
i De 28:12 Sag 8:12
j Ps 72:16
k Ho 1:11
l Jer 31:27 Sag 10:9
m Ro 11:30
n Ro 9:25 1Pe 2:10
o Ho 1:10 Sag 13:9

HFST. 3
p Jer 3:20 Ho 1:3
q De 7:7 Rig 10:16 2Kn 13:23 Ps 106:45
r Rig 10:13 Ne 9:18
s Jer 7:18
t Ge 34:12

Tweede kol.
a De 21:13
b De 5:18
c Ro 7:3
d 2Kn 17:6 2Kn 18:10
e Da 9:27
f Rig 8:27
g Rig 17:5 1Sa 19:16 Ese 21:21
h Jer 30:9 Ese 34:23 Ese 37:22 Am 9:11 Lu 1:32 Op 22:16
i Jer 3:22 Jer 50:4
j Ps 130:4 Jer 33:9
k De 4:30 Mi 4:1

HFST. 4
l Jes 3:13 Jer 25:31 Mi 6:2

m Jes 59:13; Jer 6:13; Mi 7:2; n Jer 4:22; Ro 1:28; o Ps 10:7; Ps 59:12; p Ps 5:6; Jes 59:13; Ho 11:12; q 1Kn 21:19; Jer 7:9; r Sag 5:3; s Jer 29:23; Ese 23:37; t Klg 4:13; Ho 6:9; Mt 23:35; Han 7:52; u Jes 24:4; Jer 4:28; Jl 1:10; Am 8:8; v Jer 4:25; Jer 9:10; Jer 12:4; Sef 1:3; w Am 5:13; x De 17:12; Jer 18:18; y Jer 6:4; z Jer 14:15; a Jes 50:1.

slis tot swye gebring word, om-
dat daar geen kennis is nie.[a]
Omdat jy die kennis verwerp
het,[b] sal ek jou ook verwerp so-
dat jy my nie as priester sal dien
nie;[c] en omdat jy die wet van jou
God bly vergeet,[d] sal ek, ja ek,
jou kinders vergeet.[e] **7** Hoe
meer hulle geword het, hoe
meer het hulle teen my geson-
dig.[f] My heerlikheid het hulle
vir blote oneer verruil.[g] **8** Die
sonde van my volk word voort-
durend deur hulle verslind, en
hulle siel bly hulle oortreding
begeer.[h]

**9** “En dit sal vir die volk
moet word soos vir die priester;[i]
en ek sal beslis van hulle re-
kenskap eis oor hulle weë;[j] en
hulle handelinge sal ek oor hul-
le terugbring.[k] **10** En hulle
sal eet, maar nie versadig raak
nie.[l] Hulle sal vroue soos hoe-
re behandel; maar hulle sal nie
toeneem nie,[m] omdat hulle op-
gehou het om op Jehovah ag
te slaan.[n] **11** Hoerery en wyn
en soet wyn neem die goeie
beweegrede weg.[o] **12** My volk
bly hulle houtafgod[p] raad-
pleeg,[q] en hulle staf hou aan om
hulle in te lig; want die gees van
hoerery het hulle laat afdwaal,[r]
en deur hoerery gaan hulle on-
der hulle God uit.[s] **13** Op die
bergtoppe bring hulle offeran-
des,[t] en op die heuwels laat
hulle offerrook opgaan,[u] on-
der yslike bome en storaksbome
en groot bome, omdat die ska-
duwee daarvan goed is.[v] Daar-
om pleeg julle dogters hoerery
en pleeg julle skoondogters eg-
breuk.

**14** “Ek sal nie van julle dog-
ters rekenskap eis omdat hul-
le hoerery pleeg en van julle
skoondogters omdat hulle eg-
breuk pleeg nie. Want wat die
manne betref, met die hoere
sonder hulle hulle af,[a] en met
die vroulike tempelprostitute[b]
bring hulle offerandes; en ’n
volk wat nie verstaan nie,[c] sal
vertrap word. **15** Hoewel jy
hoerery pleeg, o Israel,[d] moet
Juda nie skuldig word nie,[e] en
julle moenie na Gilgal[f] kom nie,
en moet ook nie na Bet-Awen[g]
opgaan of sweer ‘So waar as
Jehovah lewe!’ nie.[h] **16** Want
soos ’n hardkoppige koei het Is-
rael hardkoppig geword.[i] Sal Je-
hovah hulle nou soos ’n jong
ram in ’n ruim plek laat wei?
**17** E′fraim is met afgode ver-
bind.[j] Laat hom aan homself
oor![k] **18** Omdat hulle koring-
bier op was,[l] het hulle ’n vrou
gewis soos ’n hoer behandel.[m]
Haar beskermers[n] het gewis on-
eer liefgehad.[o] **19** ’n Wind het
haar in sy vleuels gewikkel.[p] En
hulle sal hulle oor hulle offeran-
des skaam.”[q]

**5** “Hoor dit, o priesters,[r] en
skenk aandag, o huis van Is-
rael, en luister, o huis van die
koning,[s] want die oordeel het
met julle te doen; want ’n strik[t]
het julle vir Mispa geword en
soos ’n net wat oor Tabor[u] uit-
gesprei is. **2** En die afvalliges
was diep betrokke by slagtings-
werk,[v] en ek was vir hulle al-
mal ’n vermaning.[w] **3** Ek het
E′fraim[x] persoonlik geken, en
Israel was nie vir my verborge
nie.[y] Want nou, o E′fraim, het jy
vroue soos hoere behandel;[z] Is-
rael het homself verontreinig.[a]
**4** Hulle handelinge laat nie toe
dat hulle tot hulle God terug-
keer nie,[b] omdat daar ’n gees
van hoerery[c] onder hulle is; en
hulle het Jehovah nie erken
nie.[d] **5** En die trots van Israel

**HFST. 4**
a Jes 5:13, Jer 4:22
b Jer 2:8, Lu 11:52
c Mt 21:43
d 2Kn 17:16
e Job 34:11
f Esr 9:7
g Ro 1:23
h 1Sa 2:29, Jes 56:11, Mi 3:11
i Jes 24:2
j Ho 12:2, Am 3:2, Ro 14:12, Heb 4:13
k Ps 62:12, Spr 5:22, Jer 17:10, Sag 1:6
l Le 26:26, Mi 6:14, Hag 1:6
m Ho 9:11
n 2Kr 24:18, Ps 125:5, Ese 18:24
o Spr 6:32, Spr 20:1, Spr 23:33, Jes 28:7
p Jes 44:13
q Jer 2:27, Hab 2:19
r Jer 3:9
s Ese 16:17
t 1Kn 14:23, Jes 65:7, Jer 3:6, Ese 20:28
u 2Kn 17:11, Ese 6:13
v Jes 1:29, Jes 57:5, Jer 2:20, Ese 20:28

**Tweede kol.**
a 1Ko 6:16
b De 23:17
c Jes 44:18, Jer 4:22, Da 12:10, Ho 14:9, Ro 3:11, Ef 4:18
d Ese 23:5
e 2Kn 17:18, Jer 3:10
f Ho 9:15, Ho 12:11, Am 4:4
g Ho 5:8, Ho 10:5
h Jes 48:1, Jer 5:2, Ese 20:39
i Ps 78:8, Ps 81:12, Jes 65:2, Sag 7:11
j Ho 11:2, Ho 13:2
k Mt 15:14
l Jes 1:22
m Ho 4:10
n Ps 47:9
o Mi 3:11, Mi 7:3
p Jer 4:11

q Jes 42:17; Jer 2:26; **HFST. 5** r Ho 4:9; Mal 1:6; s Ho 7:3; t Mi 7:2; Hab 1:15; u Rig 4:6; Jer 46:18; v Jes 29:15; w 2Kr 36:15; x Jes 7:9; y Am 3:2; z Ho 4:18; a Ese 23:5; b Ps 78:8; c Ho 4:12; Am 2:7; Sag 13:2; d 1Sa 2:12; Jer 9:6.

het in sy gesig getuig;[a] en Is-
rael en E′fraim struikel in hulle
oortreding.[b] Ook Juda het saam
met hulle gestruikel.[c] **6** Met
hulle kleinvee en met hulle
beeste het hulle Jehovah gaan
soek, maar hulle kon hom nie
vind nie.[d] Hy het hom van hulle
teruggetrek. **7** Hulle het ver-
raderlik met Jehovah gehan-
del,[e] want hulle het die vader
van vreemde kinders geword.[f]
Nou sal 'n maand hulle met hul-
le eiendom verslind.[g]

**8** "BLAAS 'n horing[h] in Gi′-
bea,[i] 'n trompet in Rama! HEF 'n
oorlogskreet aan in Bet-Awen[j]
—agter jou, o Benjamin![k] **9** O
E′fraim, jy sal 'n blote voor-
werp van verbasing word op die
dag van bestrawwing.[l] Onder
die stamme van Israel het ek
betroubare woorde bekend ge-
maak.[m] **10** Die vorste van Ju-
da het geword net soos dié wat
'n grens verskuif.[n] Oor hulle
sal ek my grimmigheid uitstort
soos water. **11** E′fraim word
onderdruk, in geregtigheid ver-
brysel,[o] want hy het self be-
sluit om agter sy teenstander
aan te loop.[p] **12** En ek was vir
E′fraim soos die mot[q] en vir die
huis van Juda soos verrotting.

**13** "En E′fraim het sy siek-
te gesien en Juda sy sweer.[r]
En E′fraim het na Assi′rië[s] ge-
gaan en na 'n groot koning ge-
stuur.[t] Maar hy kon julle nie ge-
nees nie,[u] en hy kon met geen
geneesmiddel 'n sweer van jul-
le wegneem nie.[v] **14** Want ek
sal vir E′fraim soos 'n jong
leeu wees[w] en vir die huis van
Juda soos 'n jong maanhaar-
leeu. Ek, ek sal verskeur en
ek sal heengaan en wegdra, en
daar sal geen verlosser wees
nie.[x] **15** Ek sal heengaan, ek
sal na my plek terugkeer totdat
hulle hulle skuld dra;[y] en hul-
le sal beslis my aangesig soek.[a]
Wanneer hulle in groot nood
verkeer,[b] sal hulle my soek."[c]

**6** "KOM, en laat ons terugkeer
tot Jehovah,[d] want hy het
verskeur,[e] maar hy sal ons ge-
nees.[f] Hy het bly slaan, maar hy
sal ons verbind.[g] **2** Hy sal ons
ná twee dae lewend maak.[h] Op
die derde dag sal hy ons laat op-
staan, en ons sal voor hom le-
we.[i] **3** En ons sal ken, ons sal
daarna streef om Jehovah te
ken.[j] Soos die dagbreek[k] is sy
uitgang stewig gevestig.[l] En hy
sal soos 'n stortreën na ons toe
kom;[m] soos 'n lentereën wat die
aarde deurweek."[n]

**4** "Wat sal ek met jou doen,
o E′fraim? Wat sal ek met jou
doen, o Juda,[o] wanneer julle lief-
deryke goedhartigheid soos die
oggendwolke is en soos die dou
wat vroeg verdwyn? **5** Daar-
om sal ek hulle deur die pro-
fete moet neerkap;[p] ek sal hulle
deur die woorde van my
mond moet doodmaak.[q] En die
oordele oor jou sal wees soos
die lig wat te voorskyn kom.[r]
**6** Want in liefderyke goedhar-
tigheid het ek behae geskep,[s]
en nie in offerande nie;[t] en in
die kennis van God eerder as
in heelbrandoffers.[u] **7** Maar
hulle het, soos die mens, die
verbond oortree.[v] Daar het hul-
le verraderlik met my gehan-
del.[w] **8** Gi′lead[x] is 'n stad vol
mense wat skadelike dinge be-
oefen; hulle voetspore is bloed.[y]
**9** En soos mense 'n man voor-
lê,[z] so is die groep priesters
rowerbendes.[a] Langs die pad
pleeg hulle moord by Sigem,[b]
omdat hulle niks anders as los-
bandige gedrag beoefen het

**HFST. 5**

a Spr 30:13, Jes 9:9, Ho 7:10
b Spr 11:5
c 2Kn 17:19, Ese 23:31, Am 2:4
d Spr 1:28, Jes 1:15, Jer 11:11, Ese 8:18, Mi 3:4
e Jes 48:8, Jer 3:20
f Mal 2:11
g Sag 11:8
h Jer 4:5, Ho 8:1, Jl 2:1
i Jes 10:29
j Ho 4:15, Ho 10:5
k Rig 5:14
l Jes 28:3
m Ho 9:13, Sag 1:6
n De 19:14, De 27:17, Job 24:2, Spr 22:28
o De 28:33
p 1Kn 20:1
q Jes 50:9, Jes 51:8
r Jer 30:13
s 2Kn 15:29, 2Kn 16:7, Ho 8:9, Ho 12:1
t Ho 10:6
u 2Kr 28:20
v Jer 30:15
w Ps 50:22, Klg 3:10
x Jes 5:29, Am 2:14
y Le 26:40

**Tweede kol.**

a 2Kr 7:14, Jer 29:12, Ho 11:10
b De 4:30, 1Sa 13:6
c De 30:10, Ps 78:34

**HFST. 6**

d Jes 55:7, Jer 3:22
e Ho 5:14
f Jer 33:6, Ho 14:4
g De 32:39, Jer 30:17
h 2Kn 20:5, Jes 26:19, Ese 37:14, 1Ko 15:4
i Op 11:11
j Jes 54:13, Jer 24:7
k 2Sa 23:4
l Mal 4:2
m Jes 44:3, Jl 2:23
n Job 29:23, Ps 72:6

o Jes 5:3; Ho 11:8; p 2Kr 21:12; Jes 58:1; Jer 1:10; Ese 3:9; q Jer 23:29; r Sef 3:5; s Mi 6:8; Mi 7:18; Mt 12:7; t Spr 21:3; Jes 1:11; Mi 6:6; Mt 9:13; u 1Sa 15:22; 1Jo 2:3; v 2Kn 17:15; Jes 24:5; Ho 8:1; Heb 8:9; w Jes 48:8; x Ho 12:11; y 1Kn 2:5; Mi 7:2; z Spr 1:11; a Ese 22:25; b 1Kn 12:25.

nie.[a] **10** In die huis van Israel
het ek iets afskuweliks gesien.[b]
Hoerery deur E′fraim is daar.[c]
Israel het homself verontrei-
nig.[d] **11** Verder, o Juda, is ’n
oes vir jou bepaal, wanneer ek
die gevangenes van my volk
laat terugkeer."[e]

**7** "In die tyd dat ek vir Is-
rael genesing bring,[f] word
die oortreding van E′fraim ook
blootgelê[g] en die slegte dinge
van Samari′a;[h] want hulle het
bedrog beoefen,[i] en ’n dief kom
in; buite val ’n rowerbende aan.[j]
**2** En hulle sê nie vir hulle hart[k]
dat ek aan al hulle slegtheid sal
dink nie.[l] Nou het hulle han-
delinge hulle omring.[m] Dit is
voor my aangesig.[n] **3** Hulle
maak die koning bly deur hul-
le slegtheid en vorste deur hul-
le bedrieërye.[o] **4** Hulle is al-
mal egbrekers,[p] soos ’n oond
wat aangesteek word deur ’n
bakker, wat ophou stook na-
dat hy die deeg geknie het tot-
dat dit deursuur is. **5** Op die
dag van ons koning het vors-
te hulle siek gemaak[q]—daar is
woede weens wyn.[r] Hy het sy
hand saam met spotters uitge-
strek. **6** Want hulle het hulle
hart nader gebring soos na ’n
oond;[s] dit brand binne-in hulle.[t]
Die hele nag slaap hulle bakker;
teen die oggend brand die oond
soos met ’n vlammende vuur.[u]
**7** Hulle almal word warm, soos
die oond, en hulle verteer hulle
regters. Al hulle konings het ge-
val;[v] niemand onder hulle roep
tot my nie.[w]

**8** "Wat E′fraim betref, hy self
vermeng hom met die volke.[x]
E′fraim het ’n ronde koek ge-
word wat nie omgekeer is nie.[y]
**9** Vreemdelinge het sy krag
verteer,[z] en hy het dit nie te
wete gekom nie.[a] Ook het grys
hare op hom wit geword, maar
hy het dit nie te wete gekom
nie. **10** En die trots van Israel
het in sy gesig getuig,[a] en hul-
le het nie tot Jehovah hulle God
teruggekeer nie,[b] en ook het
hulle hom nie weens dit alles
gesoek nie.[c] **11** En E′fraim is
soos ’n eenvoudige duif[d] sonder
’n verstandige hart.[e] Na Egip-
te het hulle geroep;[f] na Assi′rië
het hulle gegaan.[g]

**12** "Waarheen hulle ook al
gaan, ek sal my net oor hul-
le uitsprei.[h] Soos voëls van die
hemel sal ek hulle afbring.[i]
Ek sal hulle dissiplineer oor-
eenkomstig die berig aan hul-
le vergadering.[j] **13** Wee hul-
le,[k] want hulle het van my af
weggevlug![l] Laat hulle geplun-
der word, want hulle het teen
my oortree! En ek het hulle
verlos,[m] maar hulle het leuens
gespreek, ja, teen my.[n] **14** En
hulle het nie met hulle hart[o] tot
my om hulp geroep nie, hoewel
hulle op hulle beddens bly wee-
klaag het. Weens hulle graan en
soet wyn het hulle bly leeglê;[p]
hulle het voortdurend teen my
gedraai.[q] **15** En wat my be-
tref, ek het dissipline toegepas;[r]
ek het hulle arms versterk,[s]
maar teen my het hulle kwaad
bly beraam.[t] **16** En hulle het
teruggekeer, nie tot iets hoërs
nie;[u] hulle het soos ’n slap boog
geword.[v] Deur die swaard sal
hulle vorste val weens die ver-
oordeling van hulle tong.[w] Dit
sal hulle bespotting in Egipte-
land wees."[x]

**8** "Aan jou mond—’n horing![y]
Iemand kom soos ’n arend[z]
teen die huis van Jehovah, om-
dat hulle my verbond oortree

**HFST. 6**
**a** Ese 22:9
**b** Jer 5:30; Jer 23:14
**c** 2Kn 17:7; Jer 3:6
**d** Ese 23:4; Ese 23:11
**e** De 30:3; Jer 29:14; Am 9:14

**HFST. 7**
**f** De 32:39
**g** Jes 28:1; Mi 6:16
**h** Ese 16:46; Am 8:14; Mi 1:5
**i** Jer 9:3; Mi 7:3
**j** Ho 6:9
**k** De 32:29; Jes 1:3; Jes 44:19
**l** Jer 14:10; Am 8:7
**m** Ps 9:16; Spr 5:22
**n** Ps 90:8; Spr 5:21
**o** 1Kn 22:6; Jer 5:31; Ro 1:32
**p** Jer 3:9; Mal 3:5
**q** Spr 20:1; Jes 28:1
**r** Jes 5:11; Hab 2:15
**s** 2Sa 13:28
**t** Spr 4:16
**u** Mi 2:1
**v** 2Kn 15:10; 2Kn 15:14
**w** Jes 9:13; Ese 22:30; Da 9:13
**x** Ps 106:35; Ese 23:5
**y** 1Kn 18:21; Op 3:15
**z** 2Kn 13:3; 2Kn 15:19
**a** Spr 23:35

**Tweede kol.**
**a** Jer 3:3; Ho 5:5
**b** Ne 9:35; Jes 9:13; Jer 8:5; Am 4:6; Sag 1:4
**c** Ps 14:2; Ro 3:11
**d** Ho 11:11
**e** Spr 15:32; Jes 1:3
**f** 2Kn 17:4; Jes 30:2
**g** 2Kn 15:19; Jer 2:18; Ese 23:5
**h** Ese 12:13
**i** Pr 9:12
**j** De 28:15; 2Kn 17:13; Jes 28:26

**k** Jes 31:1; Ese 16:23; **l** Jer 2:5; **m** Jes 41:14; Mi 6:4; **n** Jes 59:13; **o** Ps 78:37; Jes 29:13; Jer 3:10; Sag 7:5; **p** Rig 9:27; Am 2:8; **q** Ps 78:57; **r** Ps 94:12; Heb 12:6; **s** 2Kn 13:5; **t** Spr 6:14; Na 1:9; **u** Jer 3:10; **v** Ps 78:57; **w** Ps 12:4; Ps 73:9; Jes 3:8; **x** Ese 36:20; Ho 9:3; **HFST. 8** **y** Jer 4:5; Ho 5:8; **z** De 28:49; Jer 48:40; Hab 1:8.

het[a] en teen my wet gesondig het.[b] **2** Tot my bly hulle roep: ‘O my God, ons, Israel, het u geken.’[c]

**3** “Israel het die goeie verstoot.[d] Laat ’n vyand hom agtervolg.[e] **4** Hulle het konings aangestel,[f] maar nie deur my nie. Hulle het vorste aangestel, maar ek het dit nie geweet nie. Met hulle silwer en hulle goud het hulle vir hulle afgode gemaak,[g] sodat hulle uitgeroei sal word.[h] **5** Jou kalf is verstoot,[i] o Samari′a. My toorn het teen hulle ontvlam.[j] Hoe lank sal hulle nie tot onskuld in staat wees nie?[k] **6** Want selfs dit was uit Israel.[l] ’n Blote vakman het dit gemaak,[m] en dit is nie God nie; want die kalf van Samari′a sal blote splinters word.[n]

**7** “Want wind bly hulle saai, en ’n stormwind sal hulle maai.[o] Nêrens is daar staande graan nie.[p] Geen uitspruitsel bring meel voort nie.[q] As party dit wel voortbring, sal vreemdelinge dit insluk.[r]

**8** “Israel sal ingesluk word.[s] Nou sal hulle onder die nasies wees[t] soos ’n houer waarin geen behae geskep word nie.[u] **9** Want hulle het na Assi′rië[v] opgetrek, soos ’n sebra wat alleen gelaat is.[w] In E′fraim se geval het hulle minnaars gehuur.[x] **10** En hoewel hulle hulle onder die nasies bly huur,[y] sal ek hulle nou bymekaarbring; en hulle sal ’n klein rukkie hewige pyne hê[z] weens die las van koning en vorste.

olyfbome verslind;[o] tog het jul-
le nie tot my teruggekeer nie’,[p]
is die woord van Jehovah.

**10** “‘Ek het ’n pes soos dié
van Egipte onder julle gestuur.[q]
Met die swaard het ek julle jong
manne doodgemaak,[r] saam met
die wegvoering van julle per-
de.[s] En ek het die stank van jul-
le kampe voortdurend laat op-

**HFST. 3**
- a 2Kn 17:6; Jes 7:17
- b Ho 11:6; Am 6:8
- c 1Sa 17:34
- d Jes 8:4
- e Am 6:4
- f 2Kr 24:19; Ese 3:17
- g Eks 32:34; Jer 9:25; Ho 4:9
- h 1Kn 12:33; 2Kn 23:15; 2Kr 31:1; Ho 13:2
- i 2Kr 34:7; Ho 10:2; Mi 1:6
- j Jer 36:22
- k Rig 3:20
- l 1Kn 22:39
- m Jes 5:9; Am 6:11

**HFST. 4**
- n Ps 22:12; Ese 39:18; Ho 4:16
- o Am 6:1
- p Spr 22:22; Ho 4:2; Mi 2:2; Mal 3:5; Jak 5:4
- q Eks 15:11; Ps 89:35
- r Hab 1:15
- s 2Kn 25:4; Ese 12:12

**Tweede kol.**
- a 1Kn 12:29; Ese 20:39; Ho 4:13; Am 3:14
- b Ho 4:15; Ho 9:15; Am 5:5
- c Nu 28:4; De 14:28; De 26:12; Ho 8:13
- d Le 7:12
- e Le 22:18; De 12:6
- f Ho 9:1
- g De 32:24; 2Kn 8:1
- h Le 26:26; De 28:38; 1Kn 18:2; 2Kn 4:38
- i 2Kr 28:22; Jer 3:7; Jer 5:3
- j De 28:23; 1Kn 8:35; 2Kr 7:13; Jes 5:6
- k Jl 1:20
- l 1Kn 18:5; Jer 14:3
- m Jer 23:14; Ho 7:10
- n De 28:22; 1Kn 8:37; Hag 2:17
- o De 28:42

**p** Jes 42:24; Jer 5:3; **q** Eks 9:3; De 28:27; De 28:60; Ps 78:50; **r** Le 26:25; 2Kn 8:12; **s** 2Kn 13:7.

styg, ja, tot in julle neusgate;[a]
maar julle het nie tot my terug-
gekeer nie’,[b] is die woord van
Jehovah.
**11** “‘Ek het ’n verwoesting
onder julle veroorsaak, soos
God se verwoesting van Sodom
en Gomor′ra.[c] En julle was soos
’n stomp wat uit die vuur geruk
is;[d] maar julle het nie tot my
teruggekeer nie’,[e] is die woord
van Jehovah.
**12** “Daarom sal ek so aan jou
doen, o Israel. Omdat ek so aan
jou sal doen—maak jou gereed
om jou God te ontmoet,[f] o Is-
rael. **13** Want kyk! die For-
meerder van die berge[g] en die
Skepper van die wind,[h] en die
Een wat die mens vertel wat
sy gedagtes is,[i] die Een wat die
dagbreek donkerte maak[j] en die
Een wat op die aarde se hoogtes
wandel,[k] Jehovah, die God van
die leërs, is sy naam.”[l]

**5** “Hoor hierdie woord wat ek
as ’n klaaglied oor julle aan-
hef,[m] o huis van Israel:

**2** “Die maagd,[n] Israel, het ge-
val;[o]
Sy kan nie weer opstaan
nie.[p]
Sy is verlate in haar land;
Niemand help haar op
nie.[q]

**3** “Want só het die Soewerei-
ne Heer Jehovah gesê: ‘Die stad
wat met duisend uitgetrek het,
sal honderd oorhê; en die een
wat met honderd uitgetrek het,
sal tien oorhê, vir die huis van
Israel.’[r]
**4** “Want só het Jehovah vir
die huis van Israel gesê: ‘Soek
my,[s] en bly lewe.[t] **5** En moe-
nie Bet-El[u] soek nie, en na Gil-
gal[v] moet julle nie kom nie, en
na Berse′ba moet julle nie oor-
trek nie;[w] want Gilgal sal vir se-
ker in ballingskap gaan;[x] en wat
Bet-El betref, dit sal iets bona-
tuurliks word.[a] **6** Soek Jeho-
vah, en bly lewe,[b] sodat hy nie
losbreek soos vuur,[c] o huis van
Josef,[d] en verteer nie, en Bet-
El nie sonder iemand is om dit
te blus nie,[e] **7** julle wat gereg-
tigheid in blote als verander[f]
en wat regverdigheid teen die
grond gewerp het.[g] **8** Die Ma-
ker van die Kima-sterrebeeld[h]
en die Kesil-sterrebeeld,[i] en die
Een wat diep skaduwee[j] in og-
gend verander en die Een wat
die dag so donker soos die nag
gemaak het,[k] die Een wat die
waters van die see roep, sodat
hy dit op die oppervlak van die
aarde kan uitstort[l]—Jehovah is
sy naam;[m] **9** hy wat ’n plunde-
ring oor ’n sterke laat flits, so-
dat daar selfs oor ’n vesting
plundering kom.
**10** “‘In die poort het hulle
’n teregwyser gehaat,[n] en hul-
le verfoei iemand wat volmaak-
te dinge spreek.[o] **11** Daarom,
omdat julle landhuur van ’n ge-
ringe afpers en die skatting van
graan van hom bly neem,[p] het
julle huise van gekapte klip ge-
bou,[q] maar julle sal nie daarin
bly woon nie; en begeerlike win-
gerde het julle geplant, maar
julle sal nie die wyn daarvan
bly drink nie.[r] **12** Want ek het
geweet hoe baie julle opstandi-
ge dade[s] is en hoe magtig julle
sondes is,[t] julle wat ’n regverdi-
ge vyandiggesind is,[u] julle wat
swyggeld neem[v] en wat armes
in die poort weggewys het.[w]
**13** Daarom sal hy wat insig het,
in dié tyd stilbly, want dit sal ’n
rampspoedige tyd wees.[x]
**14** “‘Soek wat goed is, en nie
wat sleg is nie,[y] sodat julle kan
bly lewe,[z] en sodat Jehovah,

**HFST. 4**
a De 28:26
b Jer 23:14
c Ge 19:24; Jud 7
d Sag 3:2; Jud 23
e Ese 24:13; Ho 7:10
f Jer 17:10; Ese 18:30; Ese 22:31; Heb 4:13
g Ps 65:6; Ps 95:4; Jes 40:12
h Ps 147:18; Jer 10:13
i Ps 139:2; Da 2:28
j Eks 10:22; Eks 14:20; Jes 5:30; Jer 13:16; Am 8:9
k De 32:13; Mi 1:3
l Jes 47:4; Jer 10:16

**HFST. 5**
m Jer 7:29; Ese 19:1; Ese 27:2
n Jer 14:17
o Jes 3:8
p Jes 24:20
q Jer 2:28
r De 4:27; De 28:62; Jes 10:22
s 2Kr 15:2; Jes 55:6; Jer 29:12
t Ps 69:32; Spr 4:4; Jes 55:3
u 1Kn 12:29; Am 4:4
v Ho 4:15
w Am 8:14
x 2Kn 17:6; Ho 9:15

**Tweede kol.**
a Jes 1:13
b Ese 33:11
c Heb 12:29
d Sag 10:6
e Ese 20:47
f Am 6:12
g Ese 3:20; Ese 18:24
h Job 9:9
i Job 38:31; Jes 13:10
j Job 12:22
k Eks 10:21
l Job 36:27; Pr 1:7
m Ps 83:18; Am 4:13
n 1Kn 18:17; Spr 13:19; Jes 29:21
o 1Kn 22:8; 1Pe 3:16
p Mi 2:2
q Jes 9:10; Sef 1:13

**r** De 28:30; Hag 1:6; **s** De 31:21; Jer 29:23; **t** 2Kn 17:7; **u** Ps 37:12; Am 2:6; **v** 1Sa 12:3; **w** De 15:7; Spr 22:22; Jes 10:2; Jes 29:21; Ese 22:12; Am 2:7; Jak 2:6; **x** Mi 2:3; **y** Spr 11:27; Jes 1:16; Mi 6:8; Ro 2:7; **z** Le 18:5; De 30:20; Ps 69:32; Ro 10:5.

die God van die leërs, met jul-
le kan wees soos julle gesê het.[a]
**15** Haat wat sleg is, en wees
lief vir wat goed is,[b] en gee ge-
regtigheid ’n plek in die poort.[c]
Miskien sal Jehovah, die God
van die leërs, aan die oorbly-
wendes van Josef[d] guns be-
toon.’[e]

**16** “Daarom, só het Jehovah,
die God van die leërs, Jehovah,
gesê: ‘Op al die openbare plei-
ne sal daar ’n geweeklaag wees,[f]
en in al die strate sal mense sê:
“Ag! Ag!” En hulle sal ’n land-
bouer moet roep om te treur,[g]
en dié wat ervare in rouklag
is om te weeklaag.’[h] **17** ‘En in
al die wingerde sal daar gewee-
klaag wees;[i] want ek sal deur
jou midde trek’,[j] het Jehovah
gesê.

**18** “ ‘Wee dié wat smag na die
dag van Jehovah![k] Wat sal die
dag van Jehovah dan vir jul-
le beteken?[l] Dit sal duisternis
wees en geen lig nie,[m] **19** soos
wanneer ’n man vir die leeu
vlug, en die beer kom hom teë;
en soos wanneer hy in die huis
ingegaan en met sy hand teen
die muur geleun het, en die
slang het hom gebyt.[n] **20** Sal
die dag van Jehovah nie duis-
ternis wees, en nie lig nie; en
sal dit nie donkerheid hê, en
nie glans nie?[o] **21** Ek het julle
feeste gehaat, dit verwerp,[p]
en ek sal nie die reuk van jul-
le plegtige vergaderinge geniet
nie.[q] **22** Maar as julle heel-
brandoffers aan my bring,[r] sal
ek selfs in julle offergawes geen
behae skep nie,[s] en julle ge-
meenskapsoffers van vetge-
maakte diere sal ek nie aansien
nie.[t] **23** Verwyder van my die
rumoer van jou liedere; en mag
ek die melodieuse klank van jou
snaarinstrumente nie hoor nie.[u]
**24** En laat geregtigheid voort-
rol net soos waters,[v] en regver-
digheid soos ’n standhoudende
stroom.[a] **25** Het julle veertig
jaar lank in die wildernis offe-
randes en offergawes aan my
gebring, o huis van Israel?[b]
**26** En julle sal beslis Sakkut,
julle koning,[c] dra en Kaiwan,
julle beelde, die ster van julle
god, wat julle vir julle gemaak
het.[d] **27** En ek sal julle ander-
kant Damaskus in ballingskap
laat gaan’,[e] het hy gesê wie se
naam Jehovah, die God van die
leërs, is.”[f]

**6** “Wee dié wat in Sion ge-
rus is[g] en dié wat op die
berg van Samari′a vertrou! Hul-
le is die vooraanstaandes van
die vernaamste deel van die na-
sies, en na hulle het die huis van
Israel gekom. **2** Trek oor na
Kalne en kyk; en gaan daarvan-
daan na die volkryke Hamat,[h]
en gaan af na Gat[i] van die Fili-
styne. Is hulle beter as hierdie
koninkryke, of is hulle gebied
groter as julle gebied?[j] **3** Sit
julle die rampspoedige dag uit
julle gedagtes,[k] en bring jul-
le die setel van geweld nader?[l]
**4** Julle wat op ivoorslaapban-
ke[m] gaan lê en op julle divans
uitgestrek lê en die ramme uit
’n kudde en die jong bulle onder
vetgemaakte kalwers eet;[n]
**5** wat volgens die klank van
die snaarinstrument[o] liedjies
maak; wat, soos Dawid, vir hul-
le instrumente vir sang[p] uitge-
dink het; **6** wat uit bakke vol
wyn drink[q] en wat hulle met die
keurigste olies[r] salf en wat nie
weens die katastrofe van Josef[s]
siek geword het nie.

**7** “Daarom sal hulle nou in
ballingskap gaan aan die voor-
punt van dié wat in balling-
skap gaan,[t] en die swelgery van

**HFST. 5**
a 2Kr 15:2; Mi 3:11; Mi 7:20
b Ps 34:14; Ps 97:10; Ro 12:9; 3Jo 11
c 2Kr 19:6; Am 5:24
d Jer 31:7; Sag 10:6
e Eks 32:30; Ps 62:12; Sef 2:3
f Jes 22:12; Jer 9:10
g Jl 1:11
h Jer 9:17
i Jes 16:10; Jer 48:33; Ho 9:2
j Eks 12:12; Na 1:12
k Jes 5:19; Jer 17:15; Mal 3:2
l Jer 30:7; Jl 1:15; Am 4:12
m Sef 1:15
n 1Kn 20:30; Jes 24:17; Jes 24:18; Jer 15:2
o Ese 34:12; Op 16:10
p Spr 15:8; Spr 21:27; Jes 1:11; Jer 6:20
q Ge 8:21; Le 26:31
r Ps 50:8; Jes 66:3; Ho 6:6
s Ge 4:5; Le 7:12
t Jes 1:11
u Spr 28:9; Am 6:5; Am 8:10
v Spr 21:3; Mi 6:8; Heb 13:16

**Tweede kol.**
a Ro 14:17
b Jos 24:14; Ese 20:8; Han 7:42
c Le 20:2
d Eks 20:4; Ps 115:8; Han 7:43
e 2Kn 15:29; 2Kn 17:6
f Am 4:13

**HFST. 6**
g 1Kn 22:39; Am 3:15
h Nu 34:8; 2Kn 14:28
i 2Kr 26:6
j Jes 10:10; Na 3:8

k Ps 10:13; Pr 8:11; Jes 56:12; Ese 12:27; 2Pe 3:4; l Am 5:12; m 1Kn 22:39; n Jes 22:13; o Jes 5:12; p 2Kr 7:6; 2Kr 29:25; q Jes 5:11; r Mt 26:7; Joh 12:3; s 2Kn 15:29; 2Kn 17:6; t De 28:41; Am 5:5.

dié wat uitgestrek lê, moet ver-
dwyn.
**8** “‘Die Soewereine Heer Je-
hovah het by sy eie siel ge-
sweer’,[a] is die woord van Jeho-
vah, die God van die leërs: ‘“Ek
verfoei die trots van Jakob,[b] en
sy woontorings het ek gehaat,[c]
en ek sal die stad oorlewer
met alles wat dit vul.[d] **9** En as
daar tien manne in een huis oor-
gebly het, moet hulle ook sterf.[e]
**10** En sy vader se broer sal hul-
le een vir een moet uitdra en
sal hulle een vir een verbrand,
om die beendere uit die huis uit
te bring.[f] En hy sal vir wie ook
al in die binneste vertrekke van
die huis is, moet sê: ‘Is daar nog
by jou?’ En hy sal beslis sê: ‘Nie-
mand!’ En hy sal moet sê: ‘Be-
waar die swye! Want dit is nie
die geleentheid om die naam
van Jehovah enigsins te ver-
meld nie.’ ”[g]
**11** “‘Want kyk, Jehovah gee
bevel,[h] en hy sal beslis die groot
huis tot puin platslaan en die
klein huis tot brokstukke.[i]
**12** “‘Sal perde op ’n krans
hardloop, of sal iemand met
beeste daar ploeg? Want julle
het geregtigheid in ’n gifplant
verander[j] en die vrug van reg-
verdigheid in als, **13** julle wat
julle verbly in iets wat nie is
nie;[k] wat sê: “Het ons nie in
ons krag vir ons horings verkry
nie?”[l] **14** Kyk! Ek verwek ’n
nasie teen julle,[m] o huis van Is-
rael’, is die woord van Jehovah,
die God van die leërs, ‘en hulle
sal julle onderdruk van die in-
gang van Hamat[n] af tot by die
stroomvallei van die A′raba.’ ”

**7** Dit het die Soewereine Heer
Jehovah my laat sien, en
kyk! hy het ’n sprinkaanswerm
gevorm toe die laat saaisel be-
gin opkom het.[o] En kyk! dit was
die laat saaisel ná die gesnyde
gras van die koning. **2** En toe
hulle klaar die plante van die
land opgeëet het, het ek gesê:
“O Soewereine Heer Jehovah,
vergewe asseblief.[a] Wie van Ja-
kob sal opstaan? Want hy is
klein!”[b]
**3** Jehovah het hieroor spyt
gevoel.[c] “Dit sal nie gebeur nie”,
het Jehovah gesê.
**4** Dit het die Soewereine
Heer Jehovah my laat sien, en
kyk! die Soewereine Heer Jeho-
vah het geroep om ’n twis deur
middel van vuur;[d] en dit het die
groot waterdiepte verteer en
die stuk land verteer. **5** En ek
het gesê: “O Soewereine Heer
Jehovah, laat staan asseblief.[e]
Wie van Jakob sal opstaan?
Want hy is klein!”[f]
**6** Jehovah het hieroor spyt
gevoel.[g] “Ook dit sal nie gebeur
nie”, het die Soewereine Heer
Jehovah gesê.
**7** Dit het hy my laat sien, en
kyk! Jehovah het op ’n muur ge-
staan wat met ’n skietlood ge-
maak is,[h] en daar was ’n skiet-
lood in sy hand. **8** Toe het
Jehovah vir my gesê: “Wat sien
jy, Amos?” En ek het gesê: “’n
Skietlood.” En Jehovah het ver-
der gesê: “Kyk, ek plaas ’n
skietlood in die midde van my
volk Israel.[i] Ek sal hom verder
nie meer verskoon nie.[j] **9** En
die hoogtes van Isak[k] sal beslis
in puin gelê word, en die heilig-
domme[l] van Israel sal verwoes
word;[m] en ek sal met ’n swaard
teen die huis van Jero′beam op-
staan.”[n]
**10** En Ama′sia, die priester
van Bet-El,[o] het na Jero′beam,[p]
die koning van Israel, gestuur
en gesê: “Amos het binne die
huis van Israel ’n sameswering
teen u gesmee.[q] Die land kan
nie al sy woorde verdra nie.[r]
**11** Want só het Amos gesê:
‘Deur die swaard sal Jero′beam

HFST. 6
a Jer 51:14; Am 4:2; Heb 6:13
b Spr 16:18; Ese 33:28; Ho 5:5
c Klg 2:5
d Mi 1:6
e Ps 109:13
f 1Sa 31:12
g 2Kn 6:33
h Jes 10:5; Jes 55:11
i 2Kn 25:9; Am 3:15
j 1Kn 21:13; Ps 94:20; Jes 59:13; Ho 10:4; Am 5:7
k Jes 44:9
l De 8:17; Ps 75:5; Da 4:30
m De 28:49; 2Kn 15:29; 2Kn 17:6; Jes 7:20; Jes 8:4; Jes 10:5; Ho 10:6
n Nu 34:8; 1Kn 8:65

HFST. 7
o Jl 1:4; Jl 2:25

Tweede kol.
a Ps 130:4; Jer 14:7; Da 9:19
b Jes 37:4; Jer 42:2
c De 32:36; Ps 106:45; Ho 11:8; Jon 3:10; Jak 5:16
d Jer 4:4
e Eks 32:11
f Jes 1:9
g Eks 32:14
h Sag 4:10
i Klg 2:8
j Jer 15:6; Ese 7:2; Am 8:2
k 1Kn 12:32; Ho 10:8
l 1Kn 12:31
m Am 5:5; Am 8:14
n 2Kn 15:10; Ho 13:16
o 1Kn 12:32; 1Kn 13:33
p 2Kn 14:23
q Jer 26:8
r Jer 18:18; Lu 23:2

sterf; en Israel sal vir seker uit
sy land in ballingskap gaan.’ ”[a]
**12** En Ama′sia het vir Amos
gesê: “O siener,[b] gaan, maak dat
jy wegkom na die land van Juda,
en eet daar brood, en daar kan
jy profeteer. **13** Maar in Bet-
El mag jy verder nie meer pro-
feteer nie,[c] want dit is die heilig-
dom van ’n koning[d] en dit is die
huis van ’n koninkryk.”
**14** Toe het Amos geantwoord
en vir Ama′sia gesê: “Ek was nie
’n profeet nie, en ook was ek
nie die seun van ’n profeet nie;[e]
maar ek was ’n veewagter[f] en ’n
prikker van die vye van wilde-
vyebome. **15** En Jehovah het
my agter die kleinvee wegge-
neem, en Jehovah het vir my
gesê: ‘Gaan, profeteer teen my
volk Israel.’[g] **16** Hoor dan nou
die woord van Jehovah: ‘Sê jy:
“Jy mag nie teen Israel profe-
teer nie,[h] en jy mag geen woord
teen die huis van Isak laat val
nie”?[i] **17** Daarom, só het Je-
hovah gesê: “Jou vrou sal in
die stad ’n prostituut word.[j]
En jou seuns en jou dogters
sal deur die swaard val. En jou
grond sal met die meetsnoer
verdeel word. En jy sal in ’n on-
rein land sterf;[k] en Israel sal vir
seker uit sy land in ballingskap
gaan.” ’ ”[l]

**8** Dit het die Soewereine Heer
Jehovah my laat sien, en
kyk! daar was ’n mandjie somer-
vrugte.[m] **2** Toe het hy gesê:
“Wat sien jy,[n] Amos?” En ek het
gesê: “ ’n Mandjie somervrug-
te.”[o] En Jehovah het verder vir
my gesê: “Die einde het vir my
volk Israel gekom.[p] Ek sal hulle
verder nie meer verskoon nie.[q]
**3** ‘En die tempelliedere sal in
dié dag ’n geweeklaag wees’,[r]
is die woord van die Soewerei-
ne Heer Jehovah. ‘Daar sal baie
lyke wees.[s] Op elke plek sal hul-
le beslis uitgegooi word—stilte!’

**4** “Hoor dit, julle wat na ’n
arme hap,[a] ja, om ’n einde aan
die sagmoediges van die aarde
te maak,[b] **5** deur te sê: ‘Hoe
lank sal dit wees voordat die
nuwemaan verby is[c] en ons
graansoorte kan verkoop?[d] Ook
die sabbat,[e] en ons graan te
koop kan aanbied; om die efa
klein te maak[f] en die sikkel
groot te maak en die weegskaal
van bedrog te vervals;[g] **6** om
geringes vir blote silwer te koop
en ’n arme vir die prys van ’n
paar sandale, en sodat ons blote
graanafval kan verkoop?’[h]
**7** “Jehovah het by die Ver-
hewenheid van Jakob[i] gesweer:
‘Nooit sal ek al hulle werke ver-
geet nie.[j] **8** Sal dit nie hieroor
wees dat die land in beroering
sal kom[k] en elke inwoner daar-
van sal moet treur[l] en dit in sy
geheel beslis sal opkom net soos
die Nyl en onstuimig sal wees
en wegsak soos die Nyl van
Egipte nie?’[m]
**9** “ ‘En in dié dag’, is die
woord van die Soewereine Heer
Jehovah, ‘sal ek die son op die
middaguur laat ondergaan,[n] en
ek sal duisternis oor die land
bring op ’n helder dag. **10** En
ek sal julle feeste in rou ver-
ander[o] en al julle liedere in ’n
klaaglied, en ek sal op alle heu-
pe saklinne laat kom en op elke
kop kaalheid;[p] en ek sal dit
maak soos wanneer daar oor ’n
enigste kind gerou word[q] en die
eindresultaat daarvan soos ’n
bitter dag.’
**11** “ ‘Kyk! Daar kom dae’,
is die woord van die Soewe-
reine Heer Jehovah, ‘en ek sal
’n honger in die land stuur,
nie ’n honger na brood nie en
nie ’n dors na water nie, maar
om die woorde van Jehovah
te hoor.[r] **12** En hulle sal be-
slis van see tot see strompel en
van die noorde tot by die sons-

**HFST. 7**
a Am 5:5 Am 6:7
b Jes 30:10
c Am 2:12 Han 4:17 Han 5:28
d 1Kn 12:29 1Kn 12:32 1Kn 13:1
e 1Kn 20:35 2Kn 4:38
f Am 1:1
g Jer 1:7 Ese 2:3 2Pe 1:21
h Jer 11:21 Am 7:13
i De 32:2 Mi 2:6
j Klg 5:11
k 2Kn 17:6
l Le 26:33 Jer 36:31

**HFST. 8**
m Jer 24:1
n Jer 1:11
o Jer 24:8
p Klg 4:18 Ese 7:2
q Am 4:12 Am 7:8
r Ho 10:5 Jl 1:13 Am 5:23
s Jer 9:21 Am 6:10

**Tweede kol.**
a Ps 37:14 Ps 140:12 Spr 30:14
b Ps 14:4 Am 2:6
c Nu 10:10
d Ne 10:31
e Eks 20:8 Ne 13:15
f Le 19:36 Mi 6:10
g Spr 11:1 Spr 20:23 Ho 12:7
h Le 25:39 Am 2:6
i De 33:26 Ps 47:4 Ps 68:34
j Jer 17:1 Ho 8:13 Na 1:3
k Jes 5:25
l Ho 4:3
m Am 9:5
n Jer 15:9 Mi 3:6 Mt 24:29
o Ho 2:11
p Ese 7:18
q Jer 6:26 Lu 7:12
r 1Sa 3:1 Ps 74:9 Ese 7:26 Mt 4:4

opgang. Hulle sal bly rondswerf
op soek na die woord van Je-
hovah, maar hulle sal dit nie
vind nie.[a] **13** In dié dag sal
die mooi maagde flou word, ook
die jong manne, van die dors;[b]
**14** dié wat by die skuld van Sa-
mari′a sweer[c] en wat sê: “So
waar as jou god lewe, o Dan!”[d]
en “So waar as die weg van Ber-
se′ba[e] lewe!” En hulle sal beslis
val, en hulle sal nie weer op-
staan nie.’ ”[f]

**9** Ek het Jehovah bo die al-
taar sien staan,[g] en hy het
gesê: “Slaan die pilaarkop, so-
dat die drumpels bewe. En kap
hulle almal by die kop af.[h] En
die laaste deel van hulle sal ek
met die swaard doodmaak. Nie-
mand van hulle wat vlug, sal
in sy vlug slaag nie, en nie-
mand van hulle wat ontsnap, sal
wegkom nie.[i] **2** As hulle tot in
Sjeool grawe, sal my hand hul-
le daar uithaal;[j] en as hulle na
die hemel opklim, sal ek hulle
daarvandaan afbring.[k] **3** En
as hulle op die top van die Kar-
mel wegkruip, sal ek daar sorg-
vuldig na hulle soek en hulle be-
slis wegneem.[l] En as hulle hulle
weg van my oë af op die bodem
van die see[m] verberg, sal ek die
slang daar onder bevel gee, en
hy sal hulle byt. **4** En as hulle
voor hulle vyande uit in gevan-
genskap gaan, sal ek daarvan-
daan die swaard gebied, en dit
moet hulle doodmaak;[n] en ek
sal my oog ten kwade op hulle
rig en nie ten goede nie.[o] **5** En
dit is die Soewereine Heer, Je-
hovah van die leërs, wat die
land aanraak, sodat dit smelt;[p]
en al die inwoners daarvan sal
moet treur;[q] en dit sal in sy ge-
heel beslis opkom soos die Nyl
en wegsak soos die Nyl van
Egipte.[r]

**6** “ ‘Hy wat sy trap in die he-
mel bou[s] en sy gebou bo die aar-
de wat hy gegrondves het;[a] hy
wat die waters van die see
roep,[b] sodat hy dit op die opper-
vlak van die aarde kan uitstort[c]
—Jehovah is sy naam.’[d]

**7** “ ‘Is julle nie vir my soos die
kinders van die Kussiete nie, o
kinders van Israel?’ is die woord
van Jehovah. ‘Het ek Israel nie
laat optrek uit Egipteland[e] en
die Filistyne[f] uit Kreta en Sirië
uit Kir[g] nie?’

**8** “ ‘Kyk! Die oë van die Soe-
wereine Heer Jehovah is op die
sondige koninkryk,[h] en hy sal
dit beslis van die oppervlak van
die aarde verdelg.[i] Maar ek sal
die huis van Jakob nie heelte-
mal verdelg nie’,[j] is die woord
van Jehovah. **9** ‘Want kyk! ek
gee bevel, en ek sal die huis van
Israel onder al die nasies skud[k]
soos die sif geskud word, sodat
daar nie ’n klippie op die grond
val nie. **10** Deur die swaard
sal hulle sterf—al die sondaars
van my volk,[l] dié wat sê: “Die
rampspoed sal nie naby kom of
ons bereik nie.” ’[m]

**11** “ ‘In dié dag sal ek die ver-
valle[n] hut[o] van Dawid oprig,[p]
en ek sal beslis die gate in hul-
le muur herstel. En sy puinhope
sal ek oprig, en ek sal dit beslis
opbou soos in die dae van lank
gelede,[q] **12** sodat hulle in be-
sit kan neem wat van Edom oor-
gebly het,[r] en al die nasies oor
wie my naam uitgeroep is’,[s] is
die woord van Jehovah, wat dit
doen.

**13** “ ‘Kyk! Daar kom dae’, is
die woord van Jehovah, ‘en die
ploeër sal die snyer inhaal,[t]
en die druiwetrapper die draer
van die saad;[u] en die berge sal
van soet wyn drup,[v] en al die

**HFST. 8**
a Spr 1:28
b Klg 2:19
c Jos 23:7; 1Kn 12:30; Ho 8:5; Ho 10:5
d 1Kn 12:29
e Am 5:5
f 2Kn 18:11; Ho 13:16

**HFST. 9**
g Jes 6:1; Ese 1:28
h Ps 68:21; Hab 3:13
i Jes 24:18; Jes 30:16; Am 2:14
j Ps 139:8; Spr 15:11
k Job 20:6; Jer 49:16; Jer 51:53; Ob 4
l Job 34:22; Ps 139:7; Jer 23:24
m Ps 139:9
n Le 26:33; De 28:65; Ese 5:12
o Le 17:10; De 28:63; Jer 44:11; 1Pe 3:12
p Ps 46:6; Mi 1:4
q Ho 4:3
r Am 8:8
s Ps 102:19

**Tweede kol.**
a Jes 45:18
b Job 36:27; Ps 135:7
c Ps 147:8; Am 5:8
d Eks 3:15; Jer 31:35; Am 4:13
e Eks 12:51; Ho 12:13; Am 2:10
f Jer 47:4
g 2Kn 16:9; Jes 22:6; Am 1:5
h Ps 11:4; Spr 5:21; Spr 15:3
i 1Kn 13:34; 2Kn 18:11
j Jer 30:11
k Le 26:33; De 28:64
l 2Kn 18:12; Ese 20:38; Na 1:3
m Ps 10:13; 2Pe 3:4
n Ese 21:27; Han 15:16
o Jes 16:5

p Jes 9:6; Jes 11:1; Jer 23:5; Ese 17:24; Ese 37:24; Sag 12:8; Lu 1:31; q 2Sa 7:11; Ps 89:36; r Nu 24:18; Jes 11:14; Ob 19; s Han 15:17; t Le 26:5; Ese 36:35; u Ho 2:22; v Jl 3:18.

heuwels sal smelt.[a] **14** En ek
sal die gevangenes van my volk
Israel laat terugkeer,[b] en hulle
sal die verwoeste stede bou en
bewoon,[c] en wingerde plant en
die wyn daarvan drink, en tui-
ne aanlê en die vrugte daarvan
eet.’[d]

**HFST. 9**
a Jes 35:1
Jes 55:12
b Esr 3:1
Jer 30:3
Ese 39:25
c Jes 61:4
Jes 65:21
Ese 36:33

**15** “‘En ek sal hulle beslis in
hulle land plant, en hulle sal
nie weer uitgeruk word uit hulle
land wat ek aan hulle gegee het
nie’,[a] het Jehovah jou God gesê.”

d Jes 62:8; Jer 30:10; Ese 28:26; Mi 4:4; **Tweede kol.** a Jes 60:21; Jer 24:6; Ese 34:28; Ese 37:25; Jl 3:20.

# OBADJA

**1** Die visioen van Obad′ja:
Só het die Soewereine Heer
Jehovah oor Edom[a] gesê: “’n
Berig het ons van Jehovah ge-
hoor, en ’n gesant is onder die
nasies gestuur: ‘STAAN OP, en
laat ons opstaan om teen hom
oorlog te voer.’ ”[b]
**2** “Kyk! Ek het jou klein ge-
maak onder die nasies.[c] Jy word
grootliks verag.[d] **3** Die ver-
metelheid van jou hart het jou
bedrieg,[e] jy wat in die skuil-
plekke van die krans woon,[f] die
hoogte waar hy bly, terwyl hy
in sy hart sê: ‘Wie sal my na die
aarde afbring?’ **4** Al maak jy
jou plek hoog soos die arend, of
al word jou nes tussen die ster-
re geplaas, ek sal jou daarvan-
daan afbring”,[g] is die woord van
Jehovah.
**5** “As diewe na jou toe kom,
as plunderaars in die nag in-
kom, in watter mate sou jy dan
tot swye gebring word?[h] Sou
hulle nie soveel steel as wat hul-
le wil nie? Of as druiweplukkers
na jou toe kom, sou hulle dan
nie van die oesoorblyfsels laat
oorbly nie?[i] **6** Hoe is dié van
Esau tog deursoek![j] Hoe is sy
verborge skatte tog opgespoor!
**7** Tot by die grens het hulle jou
gestuur. Al die manne wat in ’n
verbond met jou is, het jou be-
drieg.[k] Die manne wat in vre-
de met jou gelewe het, het die
oorhand oor jou gekry.[a] Dié wat
saam met jou voedsel eet, sal ’n
net span onder jou as iemand in
wie daar geen onderskeidings-
vermoë is nie.[b] **8** Sal dit nie in
dié dag wees nie?” is die woord
van Jehovah.
“En ek sal beslis die wyses
uit Edom vernietig[c] en onder-
skeidingsvermoë uit die berg-
streek van Esau. **9** En jou
sterk manne sal verskrik
word,[d] o Teman,[e] omdat elk-
een deur ’n slagting[f] uit die
bergstreek van Esau uitgeroei
sal word.[g] **10** Weens die ge-
weld teen jou broer Jakob[h] sal
skaamte jou bedek,[i] en jy sal tot
onbepaalde tyd uitgeroei moet
word.[j] **11** Die dag toe jy een-
kant gestaan het, die dag toe
vreemdelinge sy krygsmag in
gevangenskap weggevoer het[k]
en toe uitlanders sy poort inge-
gaan[l] en die lot oor Jerusalem
gewerp het,[m] was jy ook soos
een van hulle.
**12** “En jy behoort nie te kyk
na wat te sien is op die dag van
jou broer,[n] op die dag van sy
teëspoed nie; en jy behoort nie
bly te wees oor die kinders van
Juda op die dag dat hulle om-
kom nie;[o] en jy behoort nie ’n
groot mond te hê op die dag van
hulle benoudheid nie. **13** Jy
behoort nie in die poort van my
volk te kom op die dag van hul-

a Jes 21:11
Ese 25:12
Jl 3:19
Am 1:11
b Jer 49:14
Ob 15
Mal 1:4
c Jer 49:15
d Jer 49:8
e Spr 16:18
Jer 49:16
Mal 1:4
f 2Kr 25:12
g Jer 49:16
Am 9:2
h Jer 49:9
i De 24:21
Jes 17:6
j Jer 49:10
k Jer 27:6
Klg 1:19
Ese 23:22

**Tweede kol.**
a Jer 38:22
b Jer 49:7
c Ps 33:10
1Ko 3:19
d Ps 76:7
Jer 49:22
e Ge 36:11
Ese 25:13
Am 1:12
f Jes 34:5
g Jes 34:6
h Ge 27:42
Nu 20:20
Ps 83:5
Ps 137:7
Jl 3:19
Am 1:11
i Jer 49:13
j Mal 1:3
Mal 1:4
k 2Kn 24:10
2Kn 25:5
Jer 52:28
l 2Kn 25:4
m Jl 3:3
n Mi 4:11
o Spr 17:5
Spr 24:17
Klg 4:21

le ongeluk nie.[a] Jy, ja jy, behoort
nie na sy rampspoed te kyk op
die dag van sy ongeluk nie; en
jy behoort nie 'n hand na sy
rykdom uit te steek op die dag
van sy ongeluk nie.[b] **14** En jy
behoort nie by die kruispad te
staan om dié van hom wat ont-
kom het, uit te roei nie;[c] en
jy behoort nie sy oorlewendes
op die dag van benoudheid[d] uit
te lewer nie. **15** Want die dag
van Jehovah teen al die nasies
is naby.[e] Soos jy gedoen het, sal
aan jou gedoen word.[f] Jou soort
behandeling sal op jou eie hoof
terugkom.[g] **16** Want soos jul-
le op my heilige berg gedrink
het, sal al die nasies voortdu-
rend bly drink.[h] En hulle sal be-
slis drink en insluk en word asof
hulle nooit bestaan het nie.

**17** "En op die berg Sion sal
dié wees wat ontkom,[i] en dit sal
iets heiligs word;[j] en die huis
van Jakob sal hulle besittings
in besit neem.[k] **18** En die huis
van Jakob sal 'n vuur word,[l]
en die huis van Josef 'n vlam,
en die huis van Esau soos stop-
pels;[a] en hulle sal hulle aan die
brand steek en hulle verteer.
En daar sal geen oorlewende
vir die huis van Esau wees nie;[b]
want Jehovah het dit gespreek.
**19** En hulle sal die Negeb in be-
sit neem, ja, die bergstreek van
Esau,[c] en die Sjefe'la, ja, van die
Filistyne.[d] En hulle sal die ge-
bied van E'fraim[e] en die gebied
van Samari'a[f] in besit neem; en
Benjamin sal Gi'lead[g] in besit
neem. **20** En wat die ballinge
van hierdie skans[h] betref, aan
die kinders van Israel sal be-
hoort wat die Kanaäniete[i] tot
by Sarfat[j] besit het. En die bal-
linge van Jerusalem, wat in Se-
fa'rad was, sal die stede van die
Negeb in besit neem.[k]

**21** "En redders[l] sal beslis tot
op die berg Sion kom,[m] om die
bergstreek van Esau te oor-
deel;[n] en die koningskap sal Je-
hovah s'n word."[o]

a Sag 1:15
b Ps 137:7; Ese 25:12
c Ps 83:4; Am 1:11
d Jer 30:7
e Jer 9:25; Jer 25:32; Jer 49:12; Jl 3:14; Mi 5:15; 2Pe 3:10
f Ese 35:15; Mt 7:2
g Jer 30:23; 2Te 1:6; Jak 2:13
h Jer 25:17; Jer 49:12
i Jl 2:32
j Jes 4:3; Sag 8:3
k Jes 14:2; Ese 35:10; Am 9:12
l Jes 10:17; Sag 12:6

Tweede kol.

a Jes 5:24
b Jer 49:18; Ese 35:15; Ob 9
c Jes 11:14; Am 9:12
d Am 1:8
e Jer 31:6
f 2Kn 17:24
g Jos 13:25
h Ps 122:7
i Ge 13:7; Sag 14:21
j 1Kn 17:9; Lu 4:26
k Jer 13:19; Jer 33:13; l Ne 9:27; Ps 2:6; Jes 19:20; Op 7:4; m Jer 31:6; Jl 2:32; n Ps 149:7; Ese 35:11; o Ps 22:28; Sag 14:9.

# JONA

**1** En die woord van Jeho-
vah het tot Jona,[a] die seun
van Amit'tai, gekom en gesê:
**2** "Staan op, gaan na Ni'ne-
ve,[b] die groot stad, en verkon-
dig daarteen dat hulle slegtheid
voor my opgekom het."[c]

**3** En Jona het opgestaan en
na Tarsis[d] gevlug, weg van Je-
hovah af;[e] en hy het uiteinde-
lik by Joppe[f] gekom en 'n skip
gevind wat na Tarsis gaan. Toe
het hy die reisgeld betaal en
daarin afgeklim, om saam met
hulle na Tarsis te gaan, weg van
Jehovah af.

**4** En Jehovah het 'n sterk
wind op die see gewerp,[a] en
daar het 'n groot storm[b] op die
see ontstaan; en die skip was op
die punt om te vergaan. **5** En
die seemanne het bang geword
en om hulp geroep, elkeen tot
sy god.[c] En hulle het die voor-
werpe wat in die skip was, in
die see bly gooi om die skip lig-
ter te maak.[d] Maar Jona het
na die onderste dele van die
skip afgegaan, en hy het gaan
lê en vas aan die slaap geraak.[e]

HFST. 1

a 2Kn 14:25; Lu 11:29
b Ge 10:11; Na 1:1; Sef 2:13; Mt 12:41
c Ge 18:20; Jak 5:4; Op 18:5
d Ge 10:4; 2Kr 9:21; Jes 23:1; Jer 10:9
e Heb 10:38
f Jos 19:46; Han 9:36; Han 10:5

Tweede kol.

a Ps 78:26; Am 4:13
b Ps 107:25; Han 27:14
c Ps 96:5; Jes 41:29; 1Ko 8:4; d Han 27:18; Han 27:38; e Mt 8:24.

**6** Eindelik het die skeepskap-
tein na hom toe gekom en vir
hom gesê: "Wat is dit met jou,
slaper? Staan op, roep tot jou
god![a] Miskien sal die ware God
toon dat hy vir ons omgee en sal
ons nie vergaan nie."[b]

**7** En hulle het vir mekaar
begin sê: "Kom, en laat ons die
lot werp,[c] sodat ons kan weet
oor wie hierdie rampspoed ons
getref het."[d] En hulle het die lot
bly werp, en uiteindelik het die
lot op Jona geval.[e] **8** Toe het
hulle vir hom gesê: "Vertel ons
asseblief oor wie hierdie ramp-
spoed ons getref het.[f] Wat is jou
werk, en waar kom jy vandaan?
Wat is jou land, en uit watter
volk is jy?"

**9** Daarop het hy vir hulle ge-
sê: "Ek is 'n Hebreër,[g] en ek
vrees[h] Jehovah, die God van die
hemel,[i] die Een wat die see en
die droë grond gemaak het."[j]

**10** En die manne het baie
bang geword, en hulle het vir
hom gesê: "Wat het jy tog ge-
doen?"[k] Want die manne het te
wete gekom dat hy van Jeho-
vah af weggevlug het, omdat hy
hulle vertel het. **11** Uiteinde-
lik het hulle vir hom gesê: "Wat
moet ons met jou doen,[l] sodat
die see vir ons stil kan word?"
Want die see het al hoe storm-
agtiger geword. **12** Toe het
hy vir hulle gesê: "Tel my op
en gooi my in die see, en die
see sal vir julle stil word;
want ek weet dat hierdie groot
storm weens my oor julle ge-
kom het."[m] **13** Maar die man-
ne het daardeur probeer kom,
om die skip na die droë grond
terug te bring; hulle kon egter
nie, omdat die see al hoe storm-
agtiger teen hulle geword het.[n]

**14** En hulle het tot Jehovah
geroep en gesê:[o] "Ag, o Jeho-
vah, laat ons asseblief nie weens
die siel van hierdie man ver-
gaan nie! En moenie onskuldi-
ge bloed oor ons bring nie,[a] aan-
gesien u, o Jehovah, gedoen het
waarin u behae geskep het!"[b]
**15** Toe het hulle Jona opgetel
en hom in die see gegooi; en
die woede van die see het be-
gin bedaar.[c] **16** Daarop het
die manne Jehovah grootliks
begin vrees,[d] en hulle het dus 'n
offerande aan Jehovah gebring[e]
en geloftes gedoen.[f]

**17** En Jehovah het 'n groot
vis beskik om Jona in te sluk,[g]
sodat Jona drie dae en drie nag-
te in die ingewande van die vis
was.[h]

**2** Toe het Jona uit die inge-
wande van die vis tot Jeho-
vah sy God gebid[i] **2** en gesê:

"Uit my benoudheid het ek
tot Jehovah geroep,[j]
en hy het my geant-
woord.[k]
Uit die buik van Sjeool
het ek om hulp geroep.[l]
U het my stem gehoor.[m]
**3** Toe u my in die dieptes ge-
werp het, in die hart
van die oop see,[n]
Het 'n rivier my omring.
Al u branders en u golwe
—oor my het hulle ge-
gaan.[o]
**4** En wat my betref, ek het ge-
sê: 'Ek is verdryf, weg
van u oë![p]
Hoe sal ek u heilige tem-
pel weer aanskou?'[q]
**5** Waters het my tot aan die
siel omring;[r] die water-
diepte het my bly om-
sluit.
Seegras was om my kop
gedraai.
**6** Na die grondveste van die
berge het ek afgedaal.

HFST. 1
a Ps 107:6
b Jon 3:9
c Spr 16:33, Spr 18:18, Han 13:19
d Jos 7:14, 1Sa 14:42
e Jos 7:18
f Jos 7:19, 1Sa 14:43
g Ge 14:13, Ge 40:15
h Pr 12:13, Op 15:4
i Ps 103:19, Ps 115:16, Ps 136:26
j Ne 9:6, Ps 95:5, Ps 146:6, Han 14:15
k Jos 7:25, Ps 96:4
l 2Sa 21:3
m 2Sa 24:17, 1Kr 21:17, Ps 25:9
n Ps 107:25
o Ps 65:2, Ps 107:28, Jes 26:16

Tweede kol.
a Ge 9:6, De 21:8
b Ps 115:3, Ps 135:6, Da 4:35
c Ps 65:7, Ps 89:9, Ps 107:29, Mt 8:26
d Da 6:26, Han 5:11
e Ps 50:15
f Ge 28:20, Ps 50:14
g Ge 1:21, Ps 104:25
h Mt 12:40, Mt 16:4, Lu 11:30

HFST. 2
i 2Kr 33:13, Ps 91:15, Jes 26:16, Ho 5:15
j Ps 130:1, Klg 3:55
k Ps 22:24, Ps 120:1
l Ps 16:10, Mt 12:40, Han 2:27
m Ps 18:6, Ps 34:6
n Ps 69:1
o Ps 42:7
p Ps 31:22
q 1Kn 8:38, 2Kr 6:38, Ps 5:7
r Ps 69:1

Wat die aarde betref, sy
grendels was tot onbe-
paalde tyd op my.
Maar uit die kuil het u my
lewe opgetrek, o Jeho-
vah my God.[a]
**7** Toe my siel in my versmag
het,[b] was dit aan Jeho-
vah wat ek gedink het.[c]
Toe het my gebed tot u ge-
kom, in u heilige tem-
pel.[d]
**8** Wat dié betref wat aan die
afgode van onwaar-
heid agting betoon,
hulle laat vaar hulle
eie liefderyke goedhar-
tigheid.[e]
**9** Maar wat my betref, met die
stem van danksegging
sal ek offerandes aan u
bring.[f]
Wat ek plegtig belowe het,
sal ek betaal.[g] Redding
behoort aan Jehovah."[h]

**10** Na 'n ruk het Jehovah die
vis bevel gegee, sodat hy Jona
op die droë grond uitgebraak
het.[i]

**3** Toe het die woord van Je-
hovah die tweede keer
tot Jona gekom en gesê:[j]
**2** "Staan op, gaan na Ni′neve,
die groot stad, en verkondig
daaraan die boodskap[k] wat ek
vir jou sê."

**3** Daarop het Jona opge-
staan en na Ni′neve gegaan oor-
eenkomstig die woord van Je-
hovah.[l] En Ni′neve was 'n groot
stad voor God,[m] drie dagreise te
voet. **4** Uiteindelik het Jona
die stad begin ingaan, een dag-
reis te voet, en hy het bly ver-
kondig en gesê: "Nog net veer-
tig dae, en Ni′neve sal verwoes
word."[n]

**5** En die manne van Ni′neve
het geloof in God begin stel,[o]
en hulle het 'n vas uitgeroep
en hulle met saklinne beklee,[a]
van die grootste onder hulle tot
selfs die geringste onder hulle.
**6** Toe die woord die koning van
Ni′neve bereik,[b] het hy van sy
troon af opgestaan en sy amps-
kleed uitgetrek en hom met
saklinne bedek en in die as gaan
sit.[c] **7** Verder het hy laat uit-
roep en deur die verordening
van die koning en sy vername
manne in Ni′neve laat sê:

"Geen mens en geen mak
dier, geen beeste en geen klein-
vee, mag aan hoegenaamd enig-
iets proe nie. Niemand mag
voedsel eet nie. Selfs water mag
hulle nie drink nie.[d] **8** En laat
hulle hulle met saklinne bedek,
mens en mak dier; en laat hul-
le met alle mag tot God roep en
terugkeer,[e] elkeen van sy sleg-
te weg en van die geweld wat in
hulle hande was. **9** Wie weet
of die ware God sal omdraai en
sal spyt voel[f] en hom van sy
brandende toorn sal afwend, so-
dat ons nie vergaan nie?"[g]

**10** En die ware God het hul-
le werke gesien,[h] dat hulle hul-
le van hulle slegte weg afgekeer
het;[i] en toe het die ware God
spyt gevoel[j] oor die rampspoed
wat hy gesê het hy oor hulle sou
bring; en hy het dit nie gebring
nie.[k]

**4** Maar Jona was baie onte-
vrede hieroor,[l] en hy het
kwaad geword. **2** Hy het der-
halwe tot Jehovah gebid en ge-
sê: "Ag, o Jehovah, was ek
nie hieroor besorg terwyl ek
in my eie land was nie? Daar-
om het ek vroeër na Tarsis
gevlug;[m] want ek het geweet
dat u 'n genadige en barmhar-
tige God is,[n] wat nie gou toor-
nig word nie en oorvloedig is in
liefderyke goedhartigheid[o] en
spyt voel oor die rampspoed.[p]
**3** En nou, o Jehovah, neem

**HFST. 2**
a Job 33:24; Ps 16:10; Ps 30:3; Jes 38:17; Han 2:31
b Ps 119:81; Ps 142:3
c Ps 77:11; Ps 143:5; 2Ko 1:9
d 2Kr 30:27; Ps 18:6
e 1Sa 12:21; Jer 16:19; Hab 2:18; 1Ko 12:2
f Ps 50:14; Ho 14:2; Ro 12:1; Heb 13:15
g Pr 5:4
h Ps 3:8; Jes 12:2
i Ps 33:9; Jes 50:2

**HFST. 3**
j Jon 1:1
k Jon 1:2
l Ese 9:11; Jon 2:9
m Ge 10:11; Jon 4:11
n Jer 18:7; Sef 2:13
o Eks 9:20; Mt 12:41; Lu 11:32

**Tweede kol.**
a 2Kr 20:3; Esr 8:21; Jl 1:13
b Ps 2:10
c Da 9:3; Mt 11:21; Mt 12:41
d Esr 8:21
e Jes 1:16; Ese 18:21; Jl 2:12; Mt 3:8; Han 3:19
f Jl 2:13
g Jer 18:8
h 2Kr 16:9
i Lu 11:32
j Ese 18:23; Jon 4:2
k Jer 18:8

**HFST. 4**
l Mt 20:15; Ro 12:16; Jak 4:5
m Jon 1:3
n Eks 34:6; Ps 103:8; Ps 145:8; Jl 2:13
o Ps 78:38; Ps 86:5; Mi 7:18
p Jer 18:8; Ese 33:11; Am 7:3

asseblief my siel[a] van my weg,
want dit is beter dat ek sterf as
dat ek lewe."[b]
4 Hierop het Jehovah ge-
sê: "Het jy met reg kwaad ge-
word?"[c]
5 Toe het Jona uit die stad
gegaan en oos van die stad
gaan sit; en hy het uiteinde-
lik vir hom daar 'n hut ge-
maak, sodat hy daaronder in die
skaduwee kon sit[d] totdat hy sou
sien wat van die stad sou word.[e]
6 Daarop het Jehovah God 'n
kalbasplant beskik om oor Jona
op te kom, sodat dit as 'n ska-
duwee oor sy kop kon dien, om
hom uit sy rampspoedige toe-
stand te verlos.[f] En Jona het
baie bly geword oor die kalbas-
plant.
7 Maar die ware God het met
dagbreek die volgende dag 'n
wurm[g] beskik om die kalbas-
plant te steek; en dit het gelei-
delik verdroog.[h] 8 En toe die
son begin skyn, het God ook
'n verskroeiende oostewind be-
skik,[a] en die son het op Jona se
kop bly steek, sodat hy flou ge-
word het;[b] en hy het bly vra dat
sy siel mag sterf en het herhaal-
delik gesê: "Dit is beter dat ek
sterf as dat ek lewe."[c]
9 En God het vir Jona gesê:
"Het jy met reg kwaad geword
oor die kalbasplant?"[d]
Daarop het hy gesê: "Ek het
met reg kwaad geword, tot die
dood toe." 10 Maar Jehovah
het gesê: "Jý het jammer gevoel
vir die kalbasplant, waaraan jy
nie geswoeg het en wat jy nie
groot laat word het nie, wat 'n
blote groeisel van 'n nag was en
as 'n blote groeisel van 'n nag
vergaan het. 11 En behoort
ék nie jammer te voel vir Ni'ne-
ve, die groot stad,[e] waarin daar
meer as honderd-en-twintigdui-
send mense is wat glad nie die
verskil tussen hulle regter- en
hulle linkerhand ken nie, be-
newens talle mak diere?"[f]

HFST. 4
a Ge 35:18
b Nu 11:15; 1Kn 19:4; Job 6:9
c Mt 20:15
d 1Kn 19:4
e Jon 3:4
f Ps 103:10; Ps 103:13; Ps 121:5
g De 28:39
h Jes 40:7

Tweede kol.
a Ese 17:10; Ese 19:12; Ho 13:15
b Am 8:13
c Jon 4:3
d Jon 4:4
e Jon 3:3; Mt 18:33
f Ps 36:6; Ps 145:9

# MIGA

1 Die woord van Jehovah wat
tot Miga[a] van More'set ge-
kom het, in die dae van Jo-
tam,[b] Agas,[c] Hiski'a,[d] konings
van Juda,[e] wat hy in 'n visioen
oor Samari'a[f] en Jerusalem[g] ge-
sien het:
2 "Hoor, o alle volke; skenk
aandag, o aarde en alles wat
jou vul,[h] en laat die Soewereine
Heer Jehovah as 'n getuie teen
julle dien,[i] Jehovah uit sy heili-
ge tempel.[j] 3 Want kyk! Jeho-
vah gaan uit sy plek[k] uit, en hy
sal beslis neerdaal en op die aar-
de se hoogtes wandel.[l] 4 En
die berge sal onder hom smelt,[m]
en die laagvlaktes sal uitme-
kaar skeur, soos was as gevolg
van die vuur,[a] soos waters wat
teen 'n skuinste afgegooi word.
5 "Dit is alles weens die op-
standigheid van Jakob, ja,
weens die sondes van die huis
van Israel.[b] Wat is die opstan-
digheid van Jakob? Is dit
nie Samari'a nie?[c] En wat is die
hoogtes van Juda?[d] Is dit nie Je-
rusalem nie? 6 En ek sal Sa-
mari'a beslis 'n puinhoop in die
veld maak,[e] plekke om 'n win-

HFST. 1
a Jer 26:18
b 2Kn 15:7; 2Kn 15:32; 1Kr 3:12; 2Kr 27:1
c 2Kn 16:2; 2Kr 28:1; Jes 7:1; Ho 1:1
d 2Kn 18:1; 2Kr 29:1; Jes 36:1
e Jes 1:1
f 1Kn 16:24; Am 4:1
g Mi 3:10
h Jes 1:2
i Ps 50:7; Mal 3:5
j Ps 11:4; Hab 2:20
k Ps 115:3; Jes 26:21; Ese 3:12
l De 32:13; De 33:29; Am 4:13

m Rig 5:5; Ps 97:5; **Tweede kol.** a 2Pe 3:10; b 2Kn 17:7; Jer 2:17; c Ho 7:1; d 2Kn 16:4; e 2Kn 19:25.

gerd te plant; en ek sal haar
klippe in die vallei afgooi, en
haar fondamente sal ek bloot-
lê.[a] **7** En haar gesnede beelde
sal almal verbrysel word,[b] en al
die geskenke wat as haar loon
aan haar gegee is, sal met vuur
verbrand word;[c] en al haar af-
gode sal ek ’n verlate woeste-
ny maak. Want sy het dit byme-
kaargemaak uit die dinge wat
as loon aan ’n prostituut gegee
word, en dit sal terugkeer tot
wat as loon aan ’n prostituut
gegee word.”[d]

**8** Daarom sal ek weeklaag
en huil;[e] ek sal kaalvoet en
naak loop.[f] Ek sal weeklaag
soos die jakkalse en treur soos
volstruiswyfies. **9** Want die
slag wat sy toegedien is, is on-
geneeslik;[g] want dit het tot by
Juda gekom,[h] die plaag tot by
die poort van my volk, tot by Je-
rusalem.[i]

**10** “Moet dit nie in Gat ver-
tel nie; moet gewis nie huil nie.[j]

“Rol in die stof[k] in die huis
van Afra. **11** Trek oor, o in-
woonster van Safir, in skande-
like naaktheid.[l] Die inwoonster
van Saänan het nie uitgetrek
nie. Die geweeklaag van Bet-
Esel sal julle die staanplek
daarvan ontneem. **12** Want
die inwoonster van Marot het
op die goeie gewag,[m] maar die
kwaad het van Jehovah neer-
gedaal na die poort van Jerusa-
lem.[n] **13** Maak die span perde
voor die wa vas, o inwoonster
van Lagis.[o] Die begin van son-
de was sy vir die dogter van
Sion,[p] want in jou is die opstan-
dige dade van Israel gevind.[q]
**14** Daarom moet jy afskeidsge-
skenke aan More′set-Gat gee.[r]
Die huise van Agsib[s] was soos
iets bedriegliks vir die konings
van Israel. **15** Die onteienaar
sal ek nog na jou toe bring,[t]
o inwoonster van Mare′sa.[a] Tot
by Adul′lam[b] sal die heerlikheid
van Israel kom. **16** Maak ’n
kaalte op jou kop en skeer
jou hare af weens jou kinders
van verlustiging.[c] Maak jou
kaal plek groter soos dié van
die arend, omdat hulle van
jou af weggegaan het in balling-
skap.”[d]

**2** “Wee dié wat skadelike
planne beraam, en dié wat
beoefen wat sleg is, op hulle
beddens![e] By die môrelig voer
hulle dit uit,[f] omdat dit in die
mag van hulle hand is.[g] **2** En
hulle het velde begeer en daar-
op beslag gelê;[h] ook huise, en
dit geneem; en hulle het ’n man
en sy huisgesin, ’n man en sy
erfbesitting,[i] te kort gedoen.[j]

**3** “Daarom, só het Jehovah
gesê: ‘Kyk, ek bedink teen hier-
die familie[k] ’n rampspoed[l]
waaruit julle julle nekke nie
sal uittrek nie,[m] sodat julle nie
hoogmoedig sal wandel nie;[n]
want dit is ’n tyd van ramp-
spoed.[o] **4** In dié dag sal daar
oor julle ’n spreekwoord aange-
hef word[p] en beslis geweeklaag
word in ’n weeklag, ja, ’n wee-
klag.[q] Daar sal gesê moet word:
“Ons is gewis geplunder![r] My
volk se deel verander hy.[s] Hoe
neem hy dit tog van my af weg!
Aan die ontroue deel hy ons vel-
de uit.” **5** Daarom sal jy nie-
mand hê wat volgens die lot die
meetsnoer in die gemeente van
Jehovah uitwerp nie.[t] **6** Jul-
le moenie woorde laat val nie.[u]
Hulle laat woorde val. Hulle
sal nie oor hierdie dinge woor-
de laat val nie. Vernederings sal
nie wyk nie.[v]

**7** “‘Word daar gesê, o huis
van Jakob:[w] “Het die gees van

**HFST. 1**
a Ese 13:14; Mt 24:2
b Le 26:30; Ho 8:6
c Ho 2:5; Ho 9:1
d De 23:18
e Jer 4:19
f Jes 20:2
g Jes 1:5; Jer 15:18
h 2Kn 18:13; Jes 8:8
i 2Kr 32:2; Mi 1:12
j 2Sa 1:20
k Jer 6:26; Ese 27:30
l Jes 47:3; Jer 13:26; Ese 16:37
m Jes 59:9; Jer 8:15
n Jes 45:7; Am 3:6
o Jos 15:39; 2Kn 18:14
p 1Kn 14:16
q 2Kn 16:3; Jer 3:8
r 2Kn 15:19
s Jos 15:44
t Jes 7:17

**Tweede kol.**
a 2Kr 11:8
b Ge 38:1; Ne 11:30
c Job 1:20; Jes 15:2; Jes 22:12; Jer 7:29
d De 28:41; 2Kn 17:6; Jes 39:7

**HFST. 2**
e Est 3:8; Ps 36:4; Lu 22:2
f Ho 7:6; Mt 27:1; Han 23:12
g Ge 31:29; 1Kn 21:7; Joh 19:10
h Eks 20:17; 1Kn 21:2; Ne 5:11; Jes 5:8; Ese 22:29
i Ne 5:5
j Jer 22:17; Ese 18:12; Ese 22:12
k Jer 8:3; Am 3:1
l Jer 18:11; Jak 2:13
m Am 2:14
n Jes 2:11; Da 5:20; 1Pe 5:5
o Am 5:13
p Nu 23:18; Job 27:1; Hab 2:6

q Jer 9:10; Klg 1:1; Ese 2:10; r Jes 6:11; Jer 25:9; Sef 1:2; s 2Kn 17:23; t Nu 26:55; Ps 78:55; u Ese 21:2; Han 4:17; v Jer 6:15; Jer 8:12; w Jer 2:4.

Jehovah ontevrede geword, of
is dit sy handelinge dié?"[a] Doen
my woorde geen goed[b] in die
geval van die een wat in regska-
penheid wandel nie?[c]

8 " 'En gister het my volk op-
gestaan as 'n openlike vyand.[d]
Van die voorkant van 'n kleed
ruk julle die majestueuse sie-
raad af, van hulle wat vol ver-
troue verbygaan, soos dié wat
van die oorlog af terugkeer.
9 Die vroue van my volk ver-
dryf julle uit die huis waarin
'n vrou verlustiging vind. Van
haar kinders neem julle my
prag weg,[e] tot onbepaalde tyd.[f]
10 Staan op en gaan heen,[g]
want dít is nie 'n rusplek nie.[h]
Omdat dit onrein geword het,[i]
is daar 'n verwoesting; en die
verwoestingswerk is pynlik.[j]
11 As 'n man, wat in wind en
leuens wandel, die leuen ver-
tel het:[k] "Ek sal vir jou woor-
de laat val oor wyn en oor sterk
drank", dan sal hy beslis die een
word wat vir hierdie volk woor-
de laat val.[l]

12 " 'Ek sal Jakob beslis ver-
samel, almal in jou;[m] ek sal
die oorblywendes van Israel vir
seker bymekaarbring.[n] In een-
heid sal ek hulle stel, soos skape
in die kraal, soos 'n kudde in sy
weiveld;[o] dit sal rumoerig wees
van mense.'[p]

13 "Die een wat deurbreek,
sal beslis optrek voor hulle uit:[q]
hulle sal deurbreek. En hulle sal
deur 'n poort trek, en hulle sal
daardeur uittrek.[r] En hulle ko-
ning sal voor hulle uit deurtrek,
met Jehovah aan hulle hoof."[s]

3 En ek het gesê: "Hoor asse-
blief, o hoofde van Jakob en
aanvoerders van die huis van
Israel.[t] Behoort julle nie ge-
regtigheid te ken nie?[u] 2 Jul-
le wat haat wat goed is[v] en lief-
het wat sleg is,[a] wat die mense
se vel van hulle aftrek en hul-
le vlees van hulle gebeente;[b]
3 julle wat ook die vlees van
my volk geëet[c] en hulle vel van
hulle afgestroop en hulle ge-
beente stukkend geslaan en
hulle verbrysel het soos dit wat
in 'n wyebekpot is en soos vleis
in 'n kookpot.[d] 4 Dan sal hul-
le tot Jehovah om hulp roep,
maar hy sal hulle nie antwoord
nie.[e] En hy sal in dié tyd sy aan-
gesig vir hulle verberg,[f] na die
mate waarin hulle in hulle han-
delinge slegtheid bedryf het.[g]

5 "Só het Jehovah teen die
profete gesê wat my volk laat
dwaal,[h] wat met hulle tande
byt[i] en wat uitroep: 'Vrede!'[j]
wat, wanneer iemand nie iets
in hulle mond sit nie, ook oor-
log teen hom heilig:[k] 6 'Daar-
om sal julle nag hê,[l] sodat daar
geen visioen sal wees nie;[m] en
julle sal duisternis hê, sodat jul-
le geen waarsêery sal beoefen
nie. En die son sal beslis oor
die profete ondergaan, en die
dag sal oor hulle donker word.[n]
7 En die sieners[o] sal beskaamd
moet staan,[p] en die waarsêers[q]
sal beslis teleurgestel wees. En
hulle almal sal die snor moet be-
dek,[r] want daar kom geen ant-
woord van God nie.' "[s]

8 En ek daarenteen het vol
krag geword, met die gees van
Jehovah, en geregtigheid en
mag,[t] om aan Jakob sy opstan-
digheid te verkondig en aan Is-
rael sy sonde.[u]

9 Hoor dít asseblief, hoofde
van die huis van Jakob en aan-
voerders van die huis van Is-
rael,[v] julle wat geregtigheid
verfoei en selfs alles wat reguit
is, krom maak;[w] 10 wat Sion

HFST. 2
a De 32:4, Jes 50:2
b Ps 19:7, Ps 33:4, Jer 15:16
c Ps 15:2, Spr 2:7
d Jes 9:21
e Ese 16:14
f Jl 3:6
g Jos 23:15
h De 12:9
i Le 18:25, Ps 106:38
j Jer 9:19, Jer 10:18
k 1Kn 22:6, Jes 9:15, Jer 6:14, Ese 13:3, 1Jo 4:1
l 2Te 2:11
m Jes 11:11, Jer 31:8, Mi 4:6
n Jer 23:3
o Ese 34:11
p Ese 36:38, Sag 8:22
q Jes 45:1, Jes 59:16
r Jes 62:10
s Jes 42:13, Jes 49:10, Jes 52:12, Sag 9:14, Sag 10:5

HFST. 3
t Mi 3:9
u De 1:13, 1Ko 6:5
v 1Kn 22:8, Am 5:10, Lu 19:14

Tweede kol.
a 2Kr 19:2, Spr 28:4
b Ese 22:27, Am 8:4, Sef 3:3
c Ps 53:4, Ese 34:3
d Jes 3:15
e Spr 1:28, Jes 1:15, Joh 9:31
f De 31:17, Jer 33:5, Klg 3:44
g Jes 3:11, Ro 2:8
h Jes 9:16, Jes 56:10, Ese 13:10, Mt 15:14
i Ese 13:19, Ese 34:2, Mt 7:15, Ro 16:18
j Jer 23:17, Ese 13:10
k Ps 55:3, Ps 120:7, Ps 140:2
l Jes 8:20, Jer 13:16
m Ps 74:9, Ese 13:23

n Jes 59:10; Am 8:9; o 1Sa 9:9; Jes 29:10; p Sag 13:4; q Jes 44:25; r Ese 24:17; s 1Sa 28:6; t Jes 11:2; Sag 4:6; Han 4:8; 1Ko 2:4; u Jes 58:1; Mt 3:7; Han 7:51; v Mi 3:1; w Le 26:15; De 27:19; Jer 5:28.

bou met dade van bloedver-
gieting en Jerusalem met on-
regverdigheid.[a] **11** Sy hoofde
spreek reg bloot vir ’n omkoop-
geskenk,[b] en sy priesters on-
derrig net teen ’n prys,[c] en
sy profete beoefen waarsêery
bloot vir geld;[d] nogtans bly
hulle op Jehovah steun en sê:
“Is Jehovah nie in ons midde
nie?[e] Geen rampspoed sal oor
ons kom nie.”[f] **12** Daarom sal
Sion weens julle soos ’n land
omgeploeg word, en Jerusalem
sal puinhope word,[g] en die berg
van die huis sal soos die hoog-
tes van ’n woud wees.

**4** En aan die einde van die
dae[h] sal die berg[i] van die
huis[j] van Jehovah stewig geves-
tig word bo die top van die ber-
ge, en dit sal beslis bo die heu-
wels verhef word;[k] en volke sal
daarheen stroom.[l] **2** En baie
nasies sal beslis heengaan en sê:
“KOM,[m] en laat ons opgaan na
die berg van Jehovah en na die
huis van die God van Jakob;[n] en
hy sal ons omtrent sy weë on-
derrig,[o] en ons sal in sy paaie
wandel.”[p] Want uit Sion sal die
wet uitgaan en die woord van
Jehovah uit Jerusalem.[q] **3** En
hy sal beslis oordeel tussen baie
volke[r] en sake regstel[s] met be-
trekking tot magtige nasies
wat ver is.[t] En hulle sal van
hulle swaarde ploegskare moet
smee en van hulle spiese snoei-
messe.[u] Hulle sal nie, nasie teen
nasie, die swaard ophef nie, en
ook sal hulle nie meer leer om
oorlog te voer nie.[v] **4** En hul-
le sal elkeen onder sy wingerd-
stok en onder sy vyeboom sit,[w]
en daar sal niemand wees wat
hulle laat bewe nie;[x] want die
mond van Jehovah van die leërs
het dit gespreek.[y]
**5** Want wat al die volke be-
tref, elkeen sal in die naam van
sy god wandel;[a] maar wat ons
betref, ons sal in die naam van
Jehovah ons God wandel[b] tot
onbepaalde tyd, ja, vir ewig.[c]
**6** “In dié dag”, is die woord
van Jehovah, “sal ek die een
versamel wat mank was;[d] en die
een wat verstrooi is, sal ek by-
mekaarbring,[e] ja, die een wat
ek sleg behandel het. **7** En ek
sal die een wat mank was, ’n
oorblyfsel maak,[f] en die een
wat ver verwyderd was, ’n mag-
tige nasie;[g] en Jehovah sal as
koning oor hulle heers op die
berg Sion, van nou af en tot on-
bepaalde tyd.[h]
**8** “En wat jou betref, o to-
ring van die kudde, die heuwel
van die dogter van Sion,[i] tot by
jou sal dit kom, ja, die eerste
heerskappy sal beslis kom,[j] die
koninkryk wat aan die dogter
van Jerusalem behoort.[k]
**9** “En waarom bly jy so hard
skreeu?[l] Is daar geen koning
in jou nie, of het jou raadge-
wer omgekom, sodat pyne soos
dié van ’n vrou wat geboor-
te gee, jou aangegryp het?[m]
**10** Krimp ineen van pyn en
breek los, o dogter van Sion,
soos ’n vrou wat geboorte gee,[n]
want nou sal jy uit ’n stad weg-
trek, en jy sal in die veld moet
bly.[o] En jy sal tot by Babilon
moet kom.[p] Daar sal jy verlos
word.[q] Daar sal Jehovah jou uit
die palm van jou vyande terug-
koop.[r]
**11** “En nou sal daar beslis
baie nasies teen jou versamel
word, dié wat sê: ‘Laat haar be-
soedel word, en laat ons oë
op Sion neersien.’[s] **12** Maar
wat hulle betref, hulle het die

HFST. 3
a Jer 22:13, Hab 2:9, Hab 2:12
b 1Sa 8:3, Jes 1:23, Jes 5:23, Ese 22:12
c Jer 6:13, Tit 1:11
d Jes 56:11, Jud 11
e Jes 48:2, Jer 7:4, Ro 2:17
f Am 9:10
g Ps 79:1, Jer 26:18, Mi 1:6, Mt 24:2

HFST. 4
h Jes 2:2, Da 12:9, Han 2:17
i Jes 11:9, Sag 8:3, Op 21:10
j 1Pe 2:5
k Jes 2:2
l Ps 86:9, Jes 60:3, Op 15:4
m Op 22:17
n Jes 2:3, Jer 31:6, Sag 8:20
o De 6:1, Ps 25:9, Joh 6:45
p Spr 3:6, Jes 2:3, Heb 12:13
q Ps 128:5
r 1Sa 2:10, Ps 96:13, Jes 51:4, Jes 51:5
s 2Ti 3:16
t Jes 60:12
u Ho 2:18, Sag 9:10
v Ps 72:7, Jes 2:4, Jes 9:7, Jes 60:18, Mt 26:52, Ef 6:12
w 1Kn 4:25, Sag 3:10
x Jes 54:14, Ese 34:25, Ese 39:26
y Jes 55:11

Tweede kol.
a 2Kn 17:29, Jer 2:11
b Sag 10:12
c Eks 3:15, Ps 48:14, Ps 145:1
d Ese 34:16, Sef 3:19, Heb 12:12
e Ps 147:2, Jes 56:8, Ese 34:12, Ese 37:21

f Jes 10:21; Mi 2:12; Mi 7:18; Ro 9:27; Ro 11:5; g Jes 60:22; h Ps 50:2; Jer 10:10; i 2Sa 5:7; Jes 10:32; j Ob 21; k Sag 9:9; Joh 12:15; l Jer 8:19; m Ps 48:6; Jes 21:3; Jer 30:6; n Ho 13:13; o Ho 2:14; p 2Kn 20:18; 2Kr 36:20; q Jes 45:13; Sag 2:7; r Ps 106:10; Ps 107:2; Jes 48:20; Jer 15:21; s Klg 2:16; Ob 12; Mi 7:10.

gedagtes van Jehovah nie leer
ken nie, en hulle het sy voorne-
me nie verstaan nie;[a] want hy
sal hulle beslis bymekaarbring
soos ’n ry pas gesnyde graan op
die dorsvloer.[b]
**13** “Staan op en dors, o dog-
ter van Sion;[c] want jou horing
sal ek in yster verander, en jou
hoewe sal ek in koper verander,
en jy sal beslis baie volke ver-
morsel;[d] en deur ’n ban sal jy
hulle onregverdige wins aan Je-
hovah wy[e] en hulle rykdom aan
die ware Heer van die hele aar-
de.”[f]

**5** “Nou sny jy jou stukkend,[g]
o dogter van ’n inval; ’n be-
leëringswal het hy teen ons op-
gewerp.[h] Met die stok sal hul-
le die regter van Israel op die
wang slaan.[i]
**2** “En jy, o Betlehem E′fra-
ta,[j] wat te klein is om onder
die duisende van Juda te wees,[k]
uit jou[l] sal daar vir my die een
voortkom wat die heerser in Is-
rael sal word,[m] wie se oor-
sprong uit die vroeë tye is, uit
die dae van onbepaalde tyd.[n]
**3** “Daarom sal hy hulle prys-
gee[o] totdat sy wat besig is om
geboorte te gee, wel geboorte
gee.[p] En die res van sy broers
sal na die kinders van Israel te-
rugkeer.
**4** “En hy sal beslis staan en
as herder optree in die sterkte
van Jehovah,[q] in die verhewen-
heid van die naam van Jehovah
sy God.[r] En hulle sal beslis daar
woon,[s] want nou sal hy groot
wees tot aan die eindes van
die aarde.[t] **5** En hy sal vrede
word.[u] Wat die Assiriër betref,
wanneer hy in ons land kom
en wanneer hy ons woontorings
betree,[v] dan sal ons sewe her-
ders teen hom moet verwek,
ja, agt hertoë uit die mensdom.
**6** En hulle sal met die swaard
as herder teenoor die land As-
si′rië optree,[a] en teenoor die
land van Nimrod[b] in sy ingan-
ge. En hy sal beslis verlossing
van die Assiriër teweegbring,[c]
wanneer hy in ons land kom en
wanneer hy ons gebied betree.
**7** “En die oorblywendes van
Jakob[d] sal tussen baie volke
soos dou van Jehovah word,[e]
soos oorvloedige reënbuie op
die plante,[f] wat nie op die mens
hoop of op die mensekinders
wag nie.[g] **8** En die oorbly-
wendes van Jakob sal onder die
nasies, tussen baie volke, soos
’n leeu onder die diere van ’n
woud word, soos ’n jong maan-
haarleeu onder troppe skape,
wat, wanneer hy deurtrek, be-
slis vertrap sowel as verskeur;[h]
en daar is geen verlosser nie.
**9** Jou hand sal hoog bo jou
teenstanders wees,[i] en al jou
vyande sal uitgeroei word.”[j]
**10** “En in dié dag”, is die
woord van Jehovah, “sal ek
jou perde uit jou midde uit-
roei en jou strydwaens ver-
nietig.[k] **11** En ek sal die ste-
de van jou land vernietig en al
jou versterkte plekke afbreek.[l]
**12** En ek sal towerye uit jou
hand uitroei, en geen beoefe-
naars van die toorkuns sal jy
meer hê nie.[m] **13** En ek sal
jou gesnede beelde en jou pila-
re uit jou midde uitroei, en jy
sal jou nie meer voor die werk
van jou hande neerbuig nie.[n]
**14** En ek sal jou heilige pale uit
jou midde uitruk[o] en jou stede
verdelg. **15** En in toorn en in
woede sal ek wraak uitoefen op
die nasies wat nie gehoorsaam
was nie.”[p]

**HFST. 4**
**a** Jes 55:8; Jer 29:11; Ro 11:33
**b** Jes 21:10; Lu 3:17
**c** Jes 41:15; Jer 51:33
**d** Sag 9:13
**e** Jos 6:19; 2Sa 8:11; Jes 18:7; Jes 23:18
**f** Sag 4:14; Sag 6:5

**HFST. 5**
**g** Jer 41:5; Jer 48:37
**h** De 28:52; 2Kn 25:1; Lu 19:43
**i** Mt 26:31; Mt 26:67; Mt 27:30; Mr 14:27; Joh 18:22; Joh 19:3
**j** Ge 35:19; Lu 2:4
**k** 1Sa 23:23
**l** Lu 2:11; Joh 7:42
**m** Ge 49:10; 1Kr 5:2; Jes 9:6; Mt 2:6; Lu 1:32
**n** Spr 8:22; Joh 1:1; Joh 8:58; Kol 1:17; Op 3:14
**o** 1Kn 14:16
**p** Jes 66:8
**q** Jes 49:9; Ese 34:23; Mi 7:14; Joh 10:11
**r** Ps 93:1; Ese 37:24
**s** Jes 32:18; Jer 23:6
**t** Ps 72:8; Sag 9:10; Lu 1:33; Op 11:15
**u** Ps 72:7; Jes 9:6; Lu 2:14
**v** Jes 8:7

**Tweede kol.**
**a** Jes 14:2; Jes 33:1
**b** Ge 10:9; Ge 10:11
**c** Jes 14:25; Lu 1:71
**d** Ese 14:22; Jl 2:32; Mi 4:7; Ro 11:5
**e** De 32:2; Ps 110:3
**f** Ps 72:6; Jes 44:3; 1Ko 3:6
**g** Jer 14:22
**h** Jes 41:15; Sag 10:5

**i** Ps 21:8; Jes 26:11; **j** Lu 19:27; **k** Ps 20:7; Ps 33:16; Ho 1:7; Ho 14:3; Sag 9:10; **l** Jes 2:15; **m** De 18:10; Jes 2:6; Jes 8:19; Op 22:15; **n** Jes 2:8; Jes 17:8; Ese 36:25; Ho 14:3; Sag 13:2; **o** Jes 27:9; **p** Ps 149:7; 2Te 1:8.

6 HOOR asseblief wat Jeho-
vah sê.[a] Staan op, voer ’n
regsaak voor die berge, en laat
die heuwels jou stem hoor.[b]
2 Hoor, o berge, die regsaak
van Jehovah, ook julle, duursa-
me voorwerpe, fondamente van
die aarde;[c] want Jehovah het ’n
regsaak met sy volk, en met Is-
rael sal hy redeneer:[d]

3 “O my volk,[e] wat het ek jou
aangedoen? En in watter op-
sig het ek jou vermoei?[f] Getuig
teen my.[g] 4 Want ek het jou
uit Egipteland laat optrek,[h] en
uit die slawehuis het ek jou ver-
los;[i] en ek het Moses, Aäron en
Mirjam voor jou uit gestuur.[j]
5 O my volk, dink asseblief
aan[k] wat Balak, die koning van
Moab, beplan het,[l] en wat Bi′le-
am, die seun van Beor, hom ge-
antwoord het.[m] Dit was van Sit-
tim[n] af, ja, tot by Gilgal,[o] sodat
die regverdige dade van Jeho-
vah bekend sou word.”[p]

6 Waarmee sal ek Jehovah
tegemoetgaan?[q] Waarmee sal
ek my buig voor God in die
hoogte?[r] Sal ek hom met heel-
brandoffers[s] tegemoetgaan,
met jaaroud kalwers? 7 Sal
Jehovah behae skep in duisen-
de ramme, in tienduisende stro-
me olie?[t] Sal ek my eersgebore
seun vir my opstandigheid gee,
die vrug van my liggaam vir die
sonde van my siel?[u] 8 Hy het
jou vertel, o mens, wat goed is.[v]
En wat anders vra Jehovah van
jou terug as om geregtigheid
te beoefen[w] en goedhartigheid
lief te hê[x] en beskeie[y] te wandel
met jou God?[z]

9 Die stem van Jehovah roep
tot die stad,[a] en wie praktiese
wysheid het, sal u naam vrees.[b]
HOOR die roede en wie dit be-
stem het.[c] 10 Is daar nog al-
tyd in die huis van ’n goddelose
die skatte van goddeloosheid[a]
en die skrapse efa wat veroor-
deel word? 11 Kan ek sedelik
rein wees by ’n valse weegskaal
en by ’n sak vol bedrieglike
weegstene?[b] 12 Want die stad
se rykes het vol geweld geword,
en sy inwoners het leuens ge-
spreek,[c] en hulle tong is be-
drieglik in hulle mond.[d]

13 “En wat my betref, ek sal
jou beslis ook siek maak deur
jou te slaan;[e] jy sal weens jou
sondes verlate gemaak word.[f]
14 Wat jou betref, jy sal eet en
nie versadig raak nie, en jou
binneste sal leeg voel.[g] En jy sal
dinge verwyder, maar jy sal dit
nie veilig wegbring nie; en wat
jy nog veilig sou wegbring, sal
ek aan die swaard gee.[h] 15 Jy
sal saad saai, maar jy sal nie oes
nie. Jy sal olywe trap, maar jy
sal jou nie met olie salf nie; ook
soet wyn, maar jy sal geen wyn
drink nie.[i] 16 En daar word
gehandel volgens die insettinge
van Omri[j] en volgens al die
werk van die huis van Agab;[k]
en julle wandel volgens hulle
planne,[l] sodat ek jou ’n voor-
werp van verbasing sal maak en
sy inwoners iets om oor te
fluit;[m] en julle sal die smaad van
volke dra.”[n]

7 Wee my,[o] want ek het soos
die ingesamelde somervrug-
te geword, soos die oesoorblyf-
sels van ’n druiweoes![p] Daar is
geen druiwetros om te eet nie,
geen vroeë vy, wat my siel sou
begeer nie![q] 2 Die lojale het
van die aarde af vergaan, en

**HFST. 6**
a Jer 13:15; Heb 1:1
b Ps 50:4; Jes 5:3; Ese 36:1
c De 32:22; Ps 50:1; Spr 8:29; Jes 1:2; Jer 31:37
d Jes 43:26; Jer 2:35; Ho 4:1
e Ps 81:8
f Jer 2:5
g Jes 43:9; Ro 3:4
h Eks 12:51; De 4:20; Han 7:36
i De 7:8; 2Sa 7:23
j Eks 15:20; Nu 12:1
k De 9:7; Ef 2:11
l Nu 22:5; Jos 24:9
m Nu 23:7; Nu 24:10; Jos 24:10; 2Pe 2:15; Op 2:14
n Nu 25:1; Nu 33:49
o Jos 4:19
p Rig 5:11; Ps 71:15; Ro 3:25
q Ps 50:12; Han 17:25
r Ps 95:6; Ef 3:14
s 1Sa 15:22; Ps 50:8; Ps 51:16; Jes 1:11; Jes 40:16; Ho 6:6
t Ps 50:10; Ps 51:16; Ese 16:18
u 2Kn 3:27; Ps 49:7; Ese 16:20
v Ps 119:72
w De 10:12; Spr 21:3; Jes 1:17; Jer 22:3; Ese 45:9; Ho 12:6
x Spr 3:3; Spr 19:22; Ho 6:6; Sag 7:9; Ef 4:32; Kol 3:12
y Spr 8:13; Lu 18:13; Jak 4:6
z Ge 6:9; Ga 5:22
a Sef 3:2
b Ne 1:11; Spr 9:10; Lu 1:17
c Jes 9:13

**Tweede kol.** **a** Jos 7:1; 2Kn 5:23; Spr 10:2; Am 3:10; Jak 5:3; **b** De 25:13; Spr 11:1; Spr 20:10; Ho 12:7; **c** Jes 59:3; Mi 7:2; **d** Jer 9:3; **e** Le 26:16; De 28:21; Jes 1:5; Han 12:23; **f** Jer 18:16; **g** Le 26:26; Ese 4:16; Ho 4:10; **h** Jes 24:17; Ese 5:12; **i** De 28:38; Jer 12:13; Jl 1:10; Am 5:11; Hag 1:6; **j** 1Kn 16:25; **k** 1Kn 16:30; 2Kn 16:3; 2Kn 21:3; **l** Jes 30:1; Jer 7:24; **m** Jer 18:16; Jer 19:8; **n** Ps 44:13; Jer 51:51; Klg 5:1; Da 9:16; **HFST. 7** **o** Jer 4:31; Jer 45:3; **p** Jes 17:6; Jes 24:13; Jer 6:9; **q** Jes 28:4; Ho 9:10.

onder die mensdom is daar geen
regskapene nie.[a] Hulle lê al-
mal op die loer na bloedvergie-
ting.[b] Hulle maak elkeen met
'n sleepnet jag op sy eie broer.[c]
**3** Hulle hande is op die kwaad,
om dit goed te doen;[d] die vors
vra iets, en hy wat regspreek,
doen dit vir die beloning,[e] en
die vername man spreek die be-
geerte van sy siel uit, ja, sy eie
begeerte;[f] en hulle vleg dit in-
een. **4** Die beste van hulle is
soos 'n doringstruik, die mees
regskapene is erger as 'n do-
ringheining.[g] Die dag van jou
wagte, dat daar aandag aan jou
geskenk word, sal kom.[h] Nou
sal hulle verbystering kom.[i]

**5** Moenie julle geloof in 'n
metgesel stel nie. Moenie julle
vertroue in 'n vertroude vriend
stel nie.[j] Bewaak die poorte
van jou mond teenoor haar wat
aan jou boesem lê.[k] **6** Want 'n
seun verag 'n vader, 'n dogter
staan op teen haar moeder,[l] 'n
skoondogter teen haar skoon-
moeder;[m] 'n mens se huisgenote
is sy vyande.[n]

**7** Maar wat my betref, na Je-
hovah sal ek op die uitkyk bly.[o]
Ek sal 'n wagtende houding
teenoor die God van my red-
ding inneem.[p] My God sal my
hoor.[q]

**8** Moenie oor my bly wees
nie, o my vyandin.[r] Al het ek
geval, ek sal beslis opstaan;[s] al
woon ek in die duisternis,[t] Je-
hovah sal vir my 'n lig wees.[u]
**9** Die woede van Jehovah sal
ek dra—want ek het teen hom
gesondig[v]—totdat hy my reg-
saak voer en reg aan my ver-
skaf.[w] Hy sal my uitlei na die
lig; ek sal sy regverdigheid aan-
skou.[x] **10** En my vyandin sal
dit sien, en skaamte sal haar be-
dek[y] wat vir my gesê het: "Waar
is hy, Jehovah jou God?"[a] My
oë sal op haar neersien.[b] Nou
sal sy 'n plek van vertrapping
word, soos die modder van die
strate.[c]

**11** Die dag wanneer jou klip-
mure gebou word, in dié dag sal
die verordening ver weg wees.[d]
**12** In dié dag sal hulle selfs van
Assi'rië en die stede van Egip-
te na jou toe kom, en van Egip-
te selfs tot by die Rivier;[e] en
van see tot see, en van berg
tot berg.[f] **13** En die land sal
'n verlate woesteny word weens
sy inwoners, as gevolg van die
vrug van hulle handelinge.[g]

**14** Lei u volk as herder met u
staf,[h] die kudde van u erfdeel,
wat alleen in 'n woud gewoon
het—in 'n boord.[i] Laat hulle in
Basan en Gi'lead wei[j] soos in die
dae van lank gelede.[k]

**15** "Soos in die dae van jou
uittog uit Egipteland sal ek
hom wonderlike dinge toon.[l]
**16** Nasies sal dit sien en be-
skaamd staan oor al hulle
mag.[m] Hulle sal die hand op
die mond lê;[n] hulle ore sal doof
word. **17** Hulle sal stof oplek
soos die slange;[o] soos reptiele
van die aarde sal hulle in be-
roering uit hulle verskansings
kom.[p] Na Jehovah ons God sal
hulle sidderend kom, en hulle
sal vir u bang wees."[q]

**18** Wie is 'n God soos u,[r] een
wat ongeregtigheid vergewe en
die oortreding van die oorblyf-
sel van sy erfdeel[s] oorsien?[t] Hy
sal beslis nie vir ewig aan sy
toorn vashou nie, want hy skep

**HFST. 7**

**a** Ps 12:1, Ps 14:1, Jes 57:1, Ro 3:10
**b** Spr 1:11, Spr 1:16, Jes 59:7, Ro 3:15
**c** 1Sa 24:11, Ps 57:6, Hab 1:15
**d** Spr 4:16, Jer 3:5, Jer 4:22, Ese 22:6
**e** Jes 1:23, Ho 4:18, Mi 3:11
**f** 1Kn 21:5
**g** 2Sa 23:6, Ese 2:6
**h** Jes 10:3, Ese 12:23, Ho 9:7
**i** Jes 22:5, Lu 21:25
**j** Job 6:15, Ps 118:8, Jer 9:4, Lu 21:16
**k** Rig 16:18
**l** Spr 30:11, Ese 22:7, Mt 10:21, Lu 21:16
**m** Lu 12:53, 2Ti 3:2
**n** Ps 41:9, Jer 12:6, Mt 10:36, Joh 13:18
**o** Ps 34:5, Ps 123:2, Jes 8:17
**p** Ge 49:18, Ps 25:5, Ps 62:1, Klg 3:26, Lu 2:25
**q** Ps 4:3, Ps 40:1, Ps 65:2, Jes 12:2, Jes 25:9, 1Jo 5:14
**r** Ese 25:6, Op 11:10
**s** Ps 37:24, Spr 24:16
**t** Ps 107:10
**u** Ps 27:1, Lu 1:78, 2Ko 4:6
**v** Klg 1:18, Lu 15:18
**w** 1Sa 24:15, Op 18:20
**x** Ps 37:6, 1Ko 4:5, 2Te 1:10
**y** Ps 35:26

**Tweede kol.**

**a** Ps 42:3, Ps 79:10, Ps 115:2, Da 3:15, Jl 2:17, Mt 27:43
**b** Ps 58:10
**c** 2Sa 22:43
**d** Ne 2:17

**e** Ge 15:18; **f** Jes 11:16; Jes 27:13; Ho 11:11; **g** Le 26:33; Jer 21:14; Jer 25:11; Lu 21:24; Ga 6:7; **h** Ps 23:1; Ps 28:9; Jes 40:11; Joh 10:27; **i** Jes 37:24; **j** Jer 50:19; Ese 34:23; **k** Mal 3:4; **l** Ps 78:12; Jes 63:11; Jer 23:7; **m** Ps 126:2; Jes 26:11; Jes 66:18; **n** Job 29:9; Jes 52:15; **o** Ps 72:9; Jes 49:23; **p** Ps 18:45; **q** Jos 2:9; Jer 33:9; **r** Eks 15:11; Ps 35:10; Jes 40:18; **s** Jer 23:3; Jl 2:32; Ro 9:27; Op 12:17; **t** Eks 34:7; Ne 9:17; Ps 65:3; Ps 86:5; Jes 1:18; Jes 44:22; Jer 50:20; Da 9:9.

behae in liefderyke goedhartig-
heid.[a] **19** Hy sal weer barm-
hartigheid aan ons bewys;[b] hy
sal ons oortredings onder-
werp.[c] En u sal al hulle sondes
in die dieptes van die see werp.[d]
**20** U sal die waaragtigheid be-
wys wat aan Jakob bewys is, die
liefderyke goedhartigheid wat
aan Abraham bewys is, wat u
aan ons voorvaders met 'n eed
beloof het sedert die dae van
lank gelede.[a]

**HFST. 7**
a Ps 36:7; Ps 62:12; Ps 103:9; Jes 57:16; Klg 3:22
b De 30:3; Ps 103:13; Da 9:9; Ho 2:19; Ef 2:4
c Ps 130:8

**d** Ps 103:12; Jes 38:17; Jes 55:7; Jer 31:34; Jer 50:20; **Tweede kol.** **a** Ge 22:17; Ps 105:9; Lu 1:72; Han 3:25; Heb 6:13.

# NAHUM

**1** Die uitspraak teen Ni′ne-
ve:[a] Die boek van die visi-
oen van Nahum, die Elkosiet:
**2** Jehovah is 'n God wat uit-
sluitlike toegewydheid eis[b] en
wraak neem; Jehovah neem
wraak[c] en is geneig tot woe-
de.[d] Jehovah neem wraak op sy
teenstanders,[e] en hy is gebelg
op sy vyande.[f]
**3** Jehovah word nie gou toor-
nig nie[g] en is groot van krag,[h]
en Jehovah sal hom geensins
daarvan weerhou om te straf
nie.[i]
In verwoestende wind en in
storm is sy weg, en die wolk-
massa is die stof van sy voete.[j]
**4** Hy bestraf die see,[k] en hy
laat dit opdroog; en al die rivie-
re laat hy droogloop.[l]
Basan en Karmel het ver-
welk,[m] en die bloeisel van die
Li′banon het verwelk.
**5** Berge het gebewe weens
hom, en die heuwels het ge-
smelt.[n]
En die aarde sal opgehef
word weens sy aangesig; ook
die vrugbare land en almal wat
daarin woon.[o]
**6** Wie kan voor sy veroor-
deling standhou?[p] En wie kan
teen sy gloeiende toorn[q] op-
staan?
Sy woede sal beslis soos vuur
uitgestort word,[r] en weens hom
sal die rotse uitmekaargeruk
word.
**7** Jehovah is goed,[a] 'n ves-
ting[b] in die dag van benoud-
heid.[c]
En hy ken dié wat by hom toe-
vlug soek.[d]
**8** En met die vloed wat deur-
trek, sal hy 'n volslae uitroeiing
van die plek van die stad te-
weegbring,[e] en duisternis sal sy
vyande agtervolg.[f]
**9** Wat sal julle teen Jehovah
bedink?[g] Hy veroorsaak 'n vol-
slae uitroeiing.
Benoudheid sal nie 'n tweede
keer opkom nie.[h]
**10** Hoewel hulle ineengevleg
word soos dorings[i] en hulle
dronk is soos van hulle koring-
bier,[j] sal hulle beslis verteer
word soos stoppels wat heelte-
mal droog is.[k]
**11** Uit jou sal daar iemand
uitgaan wat kwaad teen Jeho-
vah bedink,[l] wat nuttelose raad
gee.[m]
**12** Só het Jehovah gesê:
"Hoewel hulle in alles volkome
was en daar baie in dié toestand
was, sal hulle selfs in dié toe-
stand neergevel word;[n] en een

**HFST. 1**
a Jes 10:12; Na 3:7; Sef 2:13
b Eks 20:5; De 4:24; Jos 24:19
c De 32:35; Mi 5:15; Ro 13:4; Heb 10:30
d Jes 59:18; Jer 30:24; Ro 3:5
e De 32:41; Ps 81:14; Ps 97:3
f Mi 5:9; Ro 2:5; 2Pe 2:9
g Nu 14:18; Jl 2:13
h Job 9:4; Ps 62:11; Ef 1:19
i Eks 34:7; Jer 46:28; Am 3:2
j Eks 19:18; Job 38:1; Ps 50:3; Sag 9:14
k Job 38:11; Ps 104:7; Ps 107:29
l Jos 3:16; Ps 74:15; Jes 19:5
m Jes 33:9; Am 1:2
n 2Sa 22:8; Ps 68:8; Ps 97:5; Heb 12:26
o Ps 97:4; Jes 24:1
p Jer 10:10; Op 6:17
q De 32:22; Op 16:1
r Op 16:8

**Tweede kol.**
a Ps 25:8; Ps 136:1; Mt 19:17
b Ps 18:2; Ps 91:2; Spr 18:10; Jes 25:4

**c** Ps 46:1; Ps 50:15; Ps 91:15; **d** Ps 1:6; 2Ti 2:19; **e** Jes 28:17; Ese 13:13; Da 9:26; **f** Jes 8:22; Jer 13:16; Sef 1:15; Jud 6; **g** Ps 2:1; Ps 21:11; Jes 8:10; **h** Jes 10:25; **i** Mi 7:4; **j** Ho 4:18; **k** Jes 9:19; Jes 33:11; Mal 4:1; **l** 2Kn 18:13; 2Kn 19:22; Jes 10:7; **m** 2Kr 32:16; **n** 2Kn 19:35; Jes 37:36.

sal deurtrek. En ek sal jou be-
slis teister, sodat ek jou nie ver-
der sal teister nie.[a] **13** En nou
sal ek sy draagstok van jou af
verbreek,[b] en die bande op jou
sal ek in twee skeur.[c] **14** En
aangaande jou het Jehovah be-
veel: 'Van jou naam sal niks
meer gesaai word nie.[d] Uit die
huis van jou gode sal ek die ge-
snede beeld en die gegote beeld
uitroei.[e] Ek sal vir jou 'n graf
maak,[f] want jy was van geen be-
lang nie.'

**15** "Kyk! Op die berge die
voete van iemand wat goeie
nuus bring, wat vrede verkon-
dig.[g] O Juda, vier jou feeste.[h]
Betaal jou geloftes;[i] want geen
deugniet sal ooit weer deur jou
trek nie.[j] Hy sal beslis heelte-
mal uitgeroei word."[k]

**2** Iemand wat 'n verstrooiing
veroorsaak, het voor jou
aangesig opgetrek.[l] Laat die
vesting beveilig word. Hou die
pad dop. Versterk die heupe.
Versterk die krag grootliks.[m]

**2** Want Jehovah sal beslis die
trots van Jakob[n] versamel, soos
die trots van Israel, want dié
wat leegmaak, het hulle leegge-
maak;[o] en hulle lote het hulle
verwoes.[p]

**3** Die skild van sy sterk man-
ne is rooi gekleur; sy lewens-
kragtige manne is in karmosyn-
rooi stof geklee.[q] Met die vuur
van ysterbeslag is die strydwa
op die dag dat hy hom gereed-
maak, en hulle laat die jenewer-
boomspiese[r] tril. **4** In die stra-
te ry die strydwaens in dolle
vaart rond.[s] Hulle jaag aanhou-
dend op en af op die openbare
pleine. Hulle voorkoms is soos
fakkels. Soos weerligstrale[t] bly
hulle voortsnel.

**5** Hy sal aan sy vooraan-
staandes dink.[u] Hulle sal strui-
kel in hulle gang.[v] Hulle sal hul-
le na die muur toe haas, en
die versperring sal stewig op-
gerig moet word. **6** Die poor-
te van die riviere sal beslis oop-
gemaak word, en die paleis sal
wegsmelt. **7** En dit is bepaal;
die stad is ontbloot; hy sal beslis
weggevoer word,[a] en sy slavin-
ne sal kerm, soos die geluid van
duiwe,[b] terwyl hulle herhaalde-
lik op hulle hart slaan.[c] **8** En
Ni′neve was, van die dae af
dat hy bestaan het,[d] soos 'n dam
vol water;[e] maar hulle vlug.
"STAAN STIL! Staan stil!" Maar
daar is niemand wat terugdraai
nie.[f]

**9** PLUNDER silwer; plunder
goud;[g] want daar is geen einde
aan die voorraad nie. Daar is 'n
groot hoeveelheid van allerhan-
de begeerlike voorwerpe.[h]

**10** Leegheid en verlatenheid,
en 'n verwoeste stad![i] En die
hart smelt,[j] en die knieë wan-
kel,[k] en in al die heupe is daar
hewige pyne;[l] en wat hulle al-
mal se gesigte betref, hulle
het 'n gloed van verontrus-
ting gekry.[m] **11** Waar is die lê-
plek van leeus, en die grot
wat aan die jong maanhaar-
leeus behoort, waar die leeu ge-
loop en ingegaan het,[n] waar die
leeuwelpie was en niemand hul-
le laat bewe het nie?[o] **12** Die
leeu het genoeg vir sy welpies
verskeur en het vir sy leeu-
wyfies gewurg. En hy het sy
gate gevul gehou met prooi en
sy skuilplekke met verskeurde
diere.[p]

**13** "Kyk! Ek is teen jou", is
die woord van Jehovah van die
leërs,[q] "en ek sal sy strydwaens
in rook verbrand.[r] En 'n swaard
sal jou jong maanhaarleeus ver-
slind.[s] En ek sal jou prooi van
die aarde af uitroei, en die stem
van jou boodskappers sal nie
meer gehoor word nie."[t]

**HFST. 1**

a Jes 60:18; Jl 2:19
b Jes 14:25; Jer 30:8; Ho 11:4
c Ps 107:14; Jer 5:5
d Ps 109:13; Spr 10:7
e Eks 34:13
f 2Kr 32:21
g Jes 52:7; Lu 2:10
h De 16:16; Ne 10:33
i Ps 116:14
j Jes 52:1
k Ps 37:10; Ps 109:13; Mt 25:46

**HFST. 2**

l Jer 25:9; Jer 49:32; Ese 29:12
m Jer 46:3
n Ps 47:4; Am 8:7
o 2Kn 17:6
p Ge 49:22; Ho 10:1
q Jes 63:3
r Jes 14:8; Sag 11:2
s Jes 37:24; Ese 26:10
t Hab 3:11
u Ps 136:18; Jer 50:29
v Jer 46:12

**Tweede kol.**

a Jes 20:4; Jer 29:1
b Jes 38:14; Jes 59:11
c Lu 23:27
d Ge 10:11
e Op 17:15
f Jer 50:16; Sef 2:13
g Jes 33:1; Ese 26:12
h Op 18:12
i Jes 24:1; Sef 2:13
j Jos 2:11; Ps 22:14; Jes 13:7
k Da 5:6
l Jes 21:3
m Jl 2:6
n Jer 2:15; Jer 50:17
o Jes 31:4; Sef 3:3
p Ps 17:12
q Jes 10:12
r Jos 11:9; Ps 46:9
s Jes 31:8
t 2Kn 18:17; 2Kn 19:35

3 Wee die stad van bloedvergieting.[a] Hy is deur en deur vol bedrog en roof. Die prooi wyk nie uit hom nie! 2 Daar is die geluid van die sweep[b] en die geluid van die wiel wat ratel en die perd wat jaag en die strydwa wat stamp.[c] 3 Die perderuiter en die vlam van die swaard en die weerlig van die spies[d] en die menigte gesneuweldes en die groot klomp lyke; en daar is geen einde aan die lyke nie. Hulle bly struikel tussen hulle lyke; 4 weens die oorvloed van die dade van prostitusie van die prostituut,[e] aantreklik weens haar bekoorlikheid, ’n meesteres van towerye, sy wat nasies deur haar dade van prostitusie verstrik en families deur haar towerye.[f]

5 “Kyk! Ek is teen jou”,[g] is die woord van Jehovah van die leërs, “en ek sal die slippe van jou kleed, wat as bedekking dien, oor jou gesig trek, en ek sal nasies jou naaktheid laat sien[h] en koninkryke jou oneer. 6 En ek sal walglike dinge op jou gooi,[i] en ek sal jou veragtelik maak; en ek sal van jou ’n skouspel maak.[j] 7 En elkeen wat jou sien, sal van jou af wegvlug[k] en sal beslis sê: ‘Ni′neve is geplunder! Wie sal met hom simpatiseer?’ Waarvandaan sal ek vertroosters vir jou soek? 8 Is jy beter as No-Amon,[l] wat aan die Nylkanale[m] gelê het? Waters was rondom hom, wie se rykdom die see was, wie se muur uit die see was. 9 Etiopië was sy volle mag, ook Egipte;[n] en dit was onbeperk. Put en die Libiërs het jou te hulp gekom.[o] 10 Ook hy was vir ballingskap bestem; hy het in gevangenskap gegaan.[p] Ook sy kinders is aan die bopunt van al die strate verpletter;[q] en oor sy verheerlikte manne het hulle die lot gewerp,[a] en sy vername manne is almal met boeie gebind.[b]

11 “Ook jy sal dronk word;[c] jy sal iets word wat verborge is.[d] Ook jy sal ’n vesting teen die vyand soek.[e] 12 Al jou vestings is soos vyebome met die eerste ryp vrugte, wat, as hulle geskud word, beslis in die mond van ’n eter sal val.[f]

13 “Kyk! Jou volk is soos vroue in jou.[g] Vir jou vyande sal die poorte van jou land vir seker oopgemaak word. Vuur sal beslis jou grendels verteer.[h] 14 Skep vir jou water vir ’n beleëring.[i] Versterk jou vestings.[j] Gaan in die modder en trap die klei; gryp die steenvorm. 15 Selfs daar sal vuur jou verteer. ’n Swaard sal jou uitroei.[k] Dit sal jou verslind soos die voetgangersprinkaan.[l] Maak jou so talryk soos die voetganger; maak jou so talryk soos die sprinkaan. 16 Jy het jou handelaars meer vermenigvuldig as die sterre van die hemel.[m]

“Wat die voetganger betref, hy vervel; dan vlieg hy weg. 17 Jou wagte is soos die sprinkaan, en jou werwingsoffisiere soos die sprinkaanswerm. Op ’n koue dag slaan hulle kamp op in die klipkrale. Die son hoef maar net te skyn en hulle vlug beslis weg; en hulle plek, waar hulle is, is werklik onbekend.[n]

18 “Jou herders het vaak geword,[o] o koning van Assi′rië; jou vooraanstaandes bly in hulle woonplekke.[p] Jou volk is op die berge verstrooi, en niemand bring hulle bymekaar nie.[q] 19 Daar is geen verligting vir jou katastrofe nie. Die slag wat jy toegedien is, het ongeneeslik geword.[r] Almal wat die berig oor jou hoor, sal beslis oor jou hulle hande klap;[s] want oor wie het jou slegtheid nie voortdurend heen gegaan nie?”[t]

**HFST. 3**

a Hab 2:12
b Spr 26:3
c Rig 5:22; Jer 47:3
d Hab 3:11
e Jes 23:17; Ese 23:30
f Le 19:26; De 18:10; 1Ko 10:20
g Na 2:13
h Jes 47:2; Jer 13:22; Ese 16:37; Op 17:16
i Mal 2:3
j Sef 2:15; Jud 7
k Na 2:8
l Jer 46:25; Ese 30:14
m Jes 19:6
n Jes 20:5
o Ge 10:6; 2Kr 16:8; Jer 46:9; Ese 27:10
p Ps 33:16; Jes 20:4
q Ps 137:9; Jes 13:16

**Tweede kol.**

a Jl 3:3; Ob 11
b Ps 149:8
c Ps 75:8; Jer 25:15
d Jos 10:16; 1Sa 13:6
e Jer 4:5
f Jes 28:4; Op 6:13
g Jes 19:16; Jer 51:30
h Ps 107:16; Jes 45:2
i 2Kr 32:3; 2Kr 32:4
j Jes 8:9; Jl 3:9
k Sef 2:13
l Eks 10:14; Jl 1:4
m Ge 15:5; Jer 33:22
n Ps 109:23
o Ps 76:5; Jes 56:10; Jer 51:39
p Jer 51:30
q 1Kn 22:17; Na 2:8; Op 6:15
r Jer 46:11; Ese 30:21
s Job 27:23; Sef 2:15
t Jes 10:6; Jes 37:18

# HABAKUK

**1** Die uitspraak wat die pro-
feet Ha′bakuk in ’n visi-
oen gesien het: **2** Hoe lank,
o Jehovah, moet ek om hulp
roep, sonder dat u hoor?[a] Hoe
lank sal ek tot u om hulp roep
teen geweld, sonder dat u red?[b]
**3** Waarom laat u my sien wat
skadelik is en hou u aan om te
kyk na wat niks anders as moei-
te is nie? En waarom is plunde-
ring en geweld voor my, en
waarom is daar rusie, en waar-
om ontstaan twis?[c]

**4** Daarom verloor die wet sy
krag en kom die reg nooit te
voorskyn nie.[d] Omdat die god-
delose die regverdige omsingel,
daarom kom die reg verdraaid
te voorskyn.[e]

**5** “AANSKOU onder die nasies
en kyk toe, en staar mekaar ver-
baas aan.[f] Staan verbaas; want
’n werk word in julle dae verrig,
wat julle nie sal glo nie, al word
dit ook vertel.[g] **6** Want kyk,
ek verwek die Galdeërs,[h] die vy-
andige en onstuimige nasie, wat
na die uitgestrekte plekke van
die aarde trek om woonplekke
in besit te neem wat nie aan
hom behoort nie.[i] **7** Skrik-
wekkend en vreesinboesemend
is hy. Van homself gaan sy reg
en sy waardigheid uit.[j] **8** En
sy perde is vinniger as lui-
perds, en hulle is wreder as
aandwolwe.[k] En sy ryperde het
die grond met hulle hoewe ge-
kap, en van ver af het sy ry-
perde gekom. Hulle vlieg soos
die arend wat neerskiet om iets
te eet.[l] **9** In sy geheel kom hy
bloot vir geweld.[m] Wanneer hul-
le gesigte byeengebring word,
is dit soos die oostewind,[n] en
hy maak gevangenes bymekaar
soos die sand. **10** En hy be-
spot konings, en hoë amptena-
re is vir hom iets lagwekkends.[a]
Hy lag selfs oor elke vesting,[b]
en hy hoop stof op en neem dit
in. **11** Dan sal hy beslis soos
wind voortbeweeg en deurtrek
en skuldig word.[c] Hierdie krag
van hom is toe te skryf aan sy
god.”[d]

**12** Is u nie van lank gelede
nie, o Jehovah?[e] O my God, my
Heilige, u sterf nie.[f] O Jehovah,
tot ’n oordeel het u hom gestel;
en, o Rots,[g] tot ’n teregwysing[h]
het u hom gegrondves.

**13** U is te suiwer van oë om
die kwaad te sien; en na moeite
kan u nie kyk nie.[i] Waarom kyk
u na dié wat verraderlik han-
del,[j] bly u stil wanneer die god-
delose iemand verswelg wat reg-
verdiger is as hy?[k] **14** En
waarom maak u die mens soos
die visse van die see, soos die
kruipende diere waaroor nie-
mand heers nie?[l] **15** Hy het
hulle almal met ’n blote vis-
hoek opgetrek;[m] hy sleep hulle
weg in sy sleepnet, en hy ver-
samel hulle in sy visnet.[n] Daar-
om verbly hy hom en is hy bly.[o]
**16** Daarom bring hy offerandes
aan sy sleepnet en laat hy offer-
rook opgaan vir sy visnet; want
deur hulle is sy deel olieryk en is
sy voedsel gesond.[p] **17** Sal hy
daarom sy sleepnet leegmaak,
en moet hy nasies voortdurend
doodmaak, terwyl hy geen me-
delye betoon nie?[q]

**2** Op my wagpos sal ek bly
staan,[r] en ek sal deurentyd
op die verskansing staan; en ek
sal wag hou,[s] om te sien wat hy
deur my sal sê[t] en wat ek op my
teregwysing sal antwoord.[u]

**HFST. 1**
a Ps 13:1; Op 6:10
b Ps 22:1; Ps 74:10; Pr 5:8
c Pr 4:1; Ro 9:22; 2Pe 2:8; 2Pe 3:9
d Job 12:6; Ps 12:8; Pr 8:11; Mt 23:23
e Job 33:27; Spr 29:2; Jes 1:21; Mt 26:59; Han 7:52
f Klg 4:12
g Jes 28:21; Jes 29:14; Han 13:41
h Jer 22:7; Jer 46:2
i De 28:49; Jer 5:15; Jer 6:22; Ese 23:23
j Jer 39:5; Jer 52:9; Da 5:19
k Jer 5:6
l Jer 4:13; Klg 4:19; Ese 17:3
m De 28:51; Jer 25:9
n Jes 27:8; Ese 17:10

**Tweede kol.**
a 2Kn 24:12; 2Kr 36:17
b Jer 32:24; Jer 52:7
c Jes 47:6; Jer 51:24; Sag 1:15
d Da 5:4
e Ps 90:2; Ps 93:2; Op 1:8
f 1Ti 1:17; Op 15:3
g De 32:4; 1Sa 2:2; Ps 18:2
h Jer 10:24; Jer 30:11; Heb 12:5
i Ps 5:4; Jes 59:2; 1Pe 1:15
j Jer 12:1
k Ps 35:22; Ps 37:14; Ps 50:21
l Spr 6:7; Jes 63:19
m Pr 9:12
n Ps 10:9; Mi 7:2
o Jer 50:11
p De 8:17; Ps 37:1
q 2Kr 36:17; Na 3:7

**HFST. 2** r Mi 7:7; s Jes 21:8; Jes 62:6; t Ps 85:8; 2Ko 13:3; Heb 1:1; u Job 23:5.

**2** En Jehovah het my geant-
woord en gesê: “Teken die vi-
sioen op en skryf dit duidelik
op tafels,[a] sodat hy wat daar-
van voorlees, dit vlot kan doen.[b]
**3** Want die visioen is nog vir
die vasgestelde tyd,[c] en dit be-
weeg hygend voort na die einde,
en dit sal geen leuen vertel nie.
Al sou dit talm, bly in afwagting
daarvan; want dit sal vir seker
uitkom.[d] Dit sal nie laat wees
nie.

**4** “Kyk! Sy siel is opgeblase;[e]
dit was nie regskape in hom
nie. Maar wat die regverdige be-
tref, deur sy getroue geloof sal
hy bly lewe.[f] **5** En inderdaad,
omdat die wyn verraderlik han-
del,[g] is ’n man aanmatigend;[h] en
hy sal sy doel nie bereik nie,[i] hy
wat sy siel ruim gemaak het net
soos Sjeool en wat soos die dood
is en nie versadig kan word nie.[j]
En hy hou aan om al die nasies
by hom te versamel en al die vol-
ke by hom bymekaar te bring.[k]
**6** Sal dit nie juis hulle wees wat
almal teen hom ’n spreekwoord[l]
en ’n sinspeling, insinuasies oor
hom, aanhef nie? En daar sal ge-
sê word:

“ ‘Wee hom wat vermenigvul-
dig wat nie syne is nie[m]—hoe
lank tog![n]—en wat swaar skuld
op hom laai! **7** Sal dié wat ren-
te van jou vra, nie skielik op-
staan en dié wat jou hewig skud,
wakker word nie, en sal jy nie
beslis vir hulle iets word om te
plunder nie?[o] **8** Omdat jy baie
nasies geplunder het, sal al die
oorblywendes van die volke jou
plunder,[p] weens die vergieting
van mensebloed en die geweld
teen die aarde, die stad en almal
wat daarin woon.[q]

**9** “ ‘Wee hom wat vuil gewin
maak vir sy huis,[r] om sy nes
in die hoogte te stel, om uit die
greep van rampspoed verlos te
word![s] **10** Jy het iets skande-
liks vir jou huis beplan, die uit-
roeiing van baie volke;[a] en jou
siel sondig.[b] **11** Want uit die
muur sal ’n klip klaend roep, en
uit die houtwerk sal ’n dakbalk
hom antwoord.[c]

**12** “ ‘Wee hom wat ’n stad bou
deur bloedvergieting en wat ’n
stad stewig gevestig het deur
onregverdigheid![d] **13** Kyk!
Kom dit nie van Jehovah van
die leërs dat volke net vir die
vuur sal swoeg en dat volks-
groepe hulle verniet sal vermoei
nie?[e] **14** Want die aarde sal
vol wees van die kennis van die
heerlikheid van Jehovah soos
die waters die see bedek.[f]

**15** “ ‘Wee hom wat sy metge-
selle iets te drinke gee, waar-
mee jou woede en toorn gemeng
word, om hulle dronk te maak,[g]
met die doel om hulle skaam-
dele te sien.[h] **16** Jy sal be-
slis oorversadig word met on-
eer in plaas van heerlikheid.[i]
Drink ook self[j] en word as on-
besnede beskou.[k] Die beker van
die regterhand van Jehovah sal
na jou toe omgaan,[l] en skan-
de sal oor jou heerlikheid kom;
**17** want die geweld wat die Li′-
banon aangedoen is,[m] sal jou be-
dek, en die roofsug teen die die-
re wat hulle verskrik, weens die
vergieting van mensebloed en
die geweld teen die aarde,[n] die
stad en almal wat daarin woon.[o]
**18** Van watter nut is ’n gesne-
de beeld,[p] as hy deur sy vormer
uitgesny is, ’n gegote beeld en ’n
onderrigter van leuens?[q] as die
vormer van sy vorm so daarop
vertrou het[r] dat hy waardelose
gode gemaak het wat stom is?[s]

**19** “ ‘Wee hom wat vir die
stuk hout sê: “Ontwaak tog!” vir
’n stom klip: “Word tog wakker!

**HFST. 2**
a Eks 17:14; De 27:8
b De 31:11; Ne 8:8
c Da 8:19; Da 10:14; Han 17:26
d Mi 7:7; Jak 5:7
e Da 5:20; Lu 18:14
f Joh 3:36; Ro 1:17; Ga 3:11; Heb 10:38
g Spr 20:1
h 2Kn 14:10; Spr 21:24
i Spr 11:2; Spr 16:18
j Spr 27:20; Pr 5:10
k Jes 14:17
l Jes 14:4; Mi 2:4
m Spr 22:16; Jak 5:4
n Ps 94:3
o Spr 29:1; Jer 51:11
p Jes 13:19; Jes 33:1; Jer 27:7; Sag 2:9
q 2Kr 36:17; Ps 137:8; Op 6:10
r 1Kn 21:2; Jer 22:13
s Ps 49:11; Spr 18:11; Ob 4

**Tweede kol.**
a Jes 14:20
b Nu 16:38; 1Kn 2:23; Spr 8:36; Ese 18:20
c Ge 4:10; Jak 5:4
d Jer 22:13; Ese 24:9; Na 3:1; Op 17:6
e Spr 21:30; Jes 50:11; Jer 51:58
f Ps 72:19; Jes 11:9; Sag 14:9
g 2Sa 11:13; 2Sa 13:28; Op 17:2; Op 18:3
h Ge 9:22; Ese 22:10
i Flp 3:19
j Ps 75:8; Jes 51:22; Jer 51:57; Op 18:6
k Ese 28:10; Ese 32:19
l Jer 25:28
m Sag 11:1
n Ps 137:8; Spr 28:17; Op 18:24
o Jer 50:28; Jer 51:24

**p** Jes 37:38; Jes 42:17; Jer 2:28; 1Ko 8:4; **q** Jon 2:8; Sag 10:2; Ro 1:21; **r** Ps 115:8; Jes 44:19; Jes 45:20; **s** Jer 10:5; 1Ko 12:2.

Hy sal onderrig gee”![a] Kyk! Hy
is met goud en silwer oorge-
trek,[b] en daar is hoegenaamd
geen asem in sy binneste nie.[c]
**20** Maar Jehovah is in sy heilige
tempel.[d] Bewaar die swye voor
hom, ganse aarde!’ ”[e]

**3** Die gebed van die profeet
Ha′bakuk in klaagliedere:
**2** O Jehovah, ek het die berig
oor u gehoor.[f] Ek het bang ge-
word, o Jehovah, vir u dade.[g]

Maak dit tog in die midde
van die jare lewend! Mag u dit
in die midde van die jare bekend
maak. Mag u daaraan dink om
tydens die beroering barmhar-
tigheid te bewys.[h]

**3** God het van Teman af ge-
kom, ja, ’n Heilige van die berg
Paran af.[i] *Sela.*[j]

Sy waardigheid het die hemel
bedek;[k] en met sy lof is die aar-
de gevul.[l]

**4** Wat sy glans betref, dit het
net soos die lig geword.[m] Hy
het twee strale gehad wat uit sy
hand uitgaan, en daar was die
skuilplek van sy sterkte.[n]

**5** Voor hom uit het die pes
bly gaan,[o] en brandende koors
het van sy voete uitgegaan.[p]

**6** Hy het stilgestaan, sodat
hy die aarde deurmekaar kon
skud.[q] Hy het gekyk en die na-
sies toe laat opspring.[r]

En die ewige berge is verbry-
sel;[s] die heuwels wat tot onbe-
paalde tyd bly, het hulle neerge-
buig.[t] Die gange van lank gelede
is syne.

**7** Onder wat skadelik is, het
ek die tente van Kusan gesien.
Die tentdoeke van die land Mi′-
dian[u] het in beroering gekom.[v]

**8** Is dit teen die riviere, o
Jehovah, is dit teen die rivie-
re dat u toorn ontvlam het,[w] of
is u grimmigheid teen die see?[x]
Want u het op u perde gery;[y] u
strydwaens was redding.[z]

**9** In sy naaktheid word u
boog ontbloot.[a] Die geswore ede
van die stamme is wat uitge-
spreek is.[b] *Sela.* Met riviere het
u die aarde gekloof.[c]

**10** Berge het u gesien; hul-
le het ineengekrimp van pyn.[d]
’n Donderstorm van waters het
deurgetrek. Die waterdiepte
het sy geluid laat hoor.[e] In die
hoogte het hy sy hande opgehef.

**11** Son—maan—het in hulle
verhewe woning[f] stilgestaan.[g]
Soos lig het u pyle bly trek.[h] Die
weerlig van u spies het tot lig-
glans gedien.[i]

**12** Met veroordeling het u
voortgetrek deur die aarde. In
toorn het u die nasies gedors.[j]

**13** En u het uitgetrek tot die
redding van u volk,[k] om u ge-
salfde te red. U het die hoof uit
die huis van die goddelose ver-
pletter.[l] Die fondament is bloot-
gelê, tot by die nek.[m] *Sela.*

**14** Met sy eie stawwe het u
die kop van sy krygsmanne
deurboor[n] toe hulle aangestorm
het om my te verstrooi.[o] Hul-
le groot jubeling was soos dié
van mense wat daarop uit is om
’n geteisterde in ’n skuilplek te
verslind.[p]

**15** Deur die see het u met
u perde gegaan, deur die massa
uitgestrekte waters.[q]

**16** Ek het gehoor, en my buik
was in beroering; by die geluid
het my lippe gebewe; verrot-
ting het in my gebeente gekom;[r]
en in my toestand was ek in
beroering, sodat ek rustig moes
wag op die dag van benoud-
heid,[s] wanneer hy optrek teen
die volk,[t] om hulle te oorval.

**17** Al bloei die vyeboom nie[u]
en is daar geen opbrengs aan

**HFST. 2**
a Ps 97:7, Jes 37:19, Da 3:29
b Jes 40:19, Jes 46:6, Han 17:29, Han 19:24
c Ps 135:17, Jer 10:14, Jer 51:17
d Ps 11:4, Ps 115:3, Jes 6:1, Heb 8:2
e Ps 76:8, Sef 1:7, Sag 2:13

**HFST. 3**
f Ps 145:11, Jes 53:1
g Ps 64:9
h Eks 32:13, Jer 31:20, Klg 3:32, Mt 24:22
i De 33:2, Rig 5:4
j Ps 68:7
k Eks 19:16, Ps 18:13, Heb 12:18
l Ps 148:13, Jes 6:3
m Eks 13:21, Ps 104:2, Jes 60:20, Op 22:5
n Ps 68:34, Ps 150:1
o Eks 9:15, Nu 14:12, Nu 16:46, Nu 25:9
p De 28:22, De 32:24
q Ps 60:2, Jes 13:13, Hag 2:21, Heb 12:26
r Eks 14:25, Eks 23:27
s Ge 49:26, Jes 54:10
t Ps 46:2, Ps 114:4, Na 1:5
u Ge 25:2, Ps 83:9
v Eks 15:14, Nu 22:4
w Jes 50:2, Na 1:4
x Ps 114:3
y De 33:26, Ps 18:10, Jes 19:1
z Ps 68:17, Ps 104:3

**Tweede kol.**
a Ps 7:12, Klg 2:4
b Lu 1:73
c Ps 105:41
d Eks 19:18, Ps 114:4
e Ps 77:16, Ps 93:3, Ps 98:7
f Ps 19:6

**g** Jos 10:12; **h** Ps 77:17; Ps 77:18; Ps 144:6; **i** De 32:41; Ese 21:10; **j** Mi 4:12; **k** Ps 28:8; Ps 68:7; **l** Jos 11:12; Ps 68:21; Ps 110:6; **m** Ps 18:15; Ese 13:14; **n** 2Kn 18:21; **o** Ps 83:2; **p** Ps 10:8; Ps 64:4; **q** Op 17:15; **r** Ps 119:120; Jer 23:9; Da 8:27; **s** Ps 42:5; Jes 26:20; Klg 3:26; **t** Jes 10:12; Jes 13:17; Ob 1; **u** Jer 8:13; Ho 2:12.

die wingerdstokke nie, al loop
die werk van die olyfboom op ’n
mislukking uit en bring die ter-
rasse geen voedsel voort nie,[a] al
word die kleinvee van die kraal
afgesny en is daar geen beeste
in die kampe nie[b]—
**18** Nogtans sal ek my in Je-
hovah verheug;[c] ek sal bly wees
in die God van my redding.[d]

**19** Jehovah, die Soewereine
Heer, is my lewenskragtigheid;[a]
en hy sal my voete soos dié
van die takbokooie maak,[b] en
op my hoogtes sal hy my laat
loop.[c]

Vir die musiekleier op my
snaarinstrumente.

**HFST. 3**
a Job 24:11; Jl 1:10
b Am 4:9; Hag 2:16
c 1Sa 2:1; Jes 61:10; Ro 5:2; Ro 5:11
d Eks 15:2; Ps 18:2; Jes 12:2; Lu 2:30

**Tweede kol.** **a** Ps 27:1; Ef 3:16; Flp 4:13; Kol 1:11; **b** 2Sa 22:34; Ps 18:33; **c** De 32:13; Jes 58:14.

# SEFANJA

**1** Die woord van Jehovah wat
gekom het tot Sefan′ja, die
seun van Kusi, die seun van Ge-
dal′ja, die seun van Amar′ja, die
seun van Hiski′a, in die dae van
Josi′a,[a] die seun van Amon,[b] die
koning van Juda:
**2** “Ek sal vir seker ’n einde
maak aan alles wat op die op-
pervlak van die aarde is”, is die
woord van Jehovah.[c]
**3** “Ek sal ’n einde maak aan
mense en diere.[d] Ek sal ’n einde
maak aan die voëls van die he-
mel en die visse van die
see[e] en die struikelblokke saam
met die goddeloses;[f] en ek sal
die mensdom van die oppervlak
van die aarde af uitroei”,[g] is
die woord van Jehovah. **4** “En
ek sal my hand teen Juda en
teen al die inwoners van Jeru-
salem uitsteek,[h] en ek sal die
oorblywendes van die Baäl[i] uit
hierdie plek uitroei, die naam
van die priesters van vreemde
gode saam met die priesters,[j]
**5** en dié wat hulle op die dak-
ke voor die leër van die he-
mel neerbuig,[k] en dié wat hulle
neerbuig[l] terwyl hulle geswo-
re ede aflê aan Jehovah[m] en
geswore ede aflê by Malkam,[n]
**6** en dié wat hulle daarvan te-
rugtrek om Jehovah te volg[o]
en wat Jehovah nie gesoek en
hom nie geraadpleeg het nie.”[a]
**7** Bewaar die swye voor die
Soewereine Heer Jehovah;[b]
want die dag van Jehovah is
naby,[c] want Jehovah het ’n offe-
rande berei;[d] hy het sy genooi-
des geheilig.[e]
**8** “En op die dag van Jeho-
vah se offerande sal ek aan-
dag skenk aan die vorste en
aan die seuns van die koning[f]
en aan almal wat uitlandse kle-
re dra.[g] **9** En ek sal aandag
skenk aan almal wat op dié dag
op die platform klim, dié wat
die huis van hulle here met ge-
weld en bedrog vul.[h] **10** En op
dié dag”, is die woord van Je-
hovah, “sal daar die geluid wees
van ’n geskreeu van die Vis-
poort[i] af en ’n geweeklaag van
die tweede stadsdeel[j] af en ’n
groot gekraak van die heuwels[k]
af. **11** Weeklaag,[l] o inwoners
van Maktes, want al die men-
se wat handelaars is, is tot swye
gebring;[m] almal wat silwer af-
weeg, is uitgeroei.
**12** “En in dié tyd sal ek Jeru-
salem sorgvuldig deursoek met
lampe,[n] en ek sal aandag skenk

**HFST. 1**
a 2Kn 22:1; Jer 1:2
b 2Kn 21:18
c 2Kn 22:16; Jes 6:11; Jer 6:8; Mi 7:13
d Ho 4:3
e Jer 4:25; Jer 12:4; Ho 4:3
f Ese 7:19; Ese 14:3
g Ese 14:13
h Eks 15:12; Jes 14:27; Jer 7:30
i Nu 25:3; Rig 2:13; 2Kr 28:2; Jer 11:17
j 2Kn 23:5; Ho 10:5
k 2Kn 23:12; 2Kr 33:3; Jer 19:13; Jer 32:29
l 1Kn 18:21; 2Kn 17:33; Mt 6:24
m Jes 48:1; Ho 4:15
n Jos 23:7; 1Kn 11:33; Jer 49:1
o 1Sa 15:11; Jes 1:4; Jes 9:17; Jer 2:13; Heb 3:12; Heb 10:38

**Tweede kol.**
a Ps 14:2; Jes 43:22; Ro 3:11
b Ps 76:8; Hab 2:20; Sag 2:13
c Jes 13:6; 2Pe 3:10
d Jes 34:6; Jer 46:10; Ese 39:17; Op 19:17

**e** 1Sa 16:5; **f** 2Kn 25:7; Jes 24:21; Jer 39:6; **g** 2Kn 10:22; **h** 2Kn 5:21; Ne 5:15; **i** 2Kr 33:14; Ne 3:3; Ne 12:39; **j** 2Kr 34:22; **k** 2Kr 3:1; **l** Jer 4:8; Jer 25:34; Jl 1:5; Jak 5:1; **m** Ne 3:31; Op 18:11; **n** Pr 12:14; Jes 26:21; Am 9:2; Heb 4:13; Op 2:23.

aan die manne wat op hulle af-
saksel[a] stol en wat in hulle hart
sê: ‘Jehovah sal geen goed doen
nie en hy sal geen kwaad doen
nie.’[b] **13** En hulle rykdom sal
buit word en hulle huise ’n ver-
late woesteny.[c] En hulle sal hui-
se bou, maar hulle sal dit nie be-
woon nie;[d] en hulle sal wingerde
plant, maar hulle sal die wyn
daarvan nie drink nie.[e]

**14** “Die groot dag[f] van Jeho-
vah is naby.[g] Dit is naby en kom
baie vinnig nader.[h] Die geluid
van die dag van Jehovah is bit-
ter.[i] ’n Sterk man laat ’n kreet
daar hoor.[j] **15** Dié dag is ’n
dag van grimmigheid, ’n dag
van benoudheid en van angs,[k] ’n
dag van storms en van ver-
woesting, ’n dag van duisternis
en van somberheid,[l] ’n dag van
wolke en van dik donkerheid,
**16** ’n dag van horinggeskal en
van alarmseine[m] teen die ver-
sterkte stede en teen die hoë
hoektorings.[n] **17** En ek sal die
mensdom in benoudheid bring,
en hulle sal beslis soos blin-
des rondloop;[o] want teen Jeho-
vah het hulle gesondig.[p] En hul-
le bloed sal soos stof uitgestort
word,[q] en hulle ingewande soos
mis.[r] **18** Nie hulle silwer of
hulle goud sal hulle in die dag
van Jehovah se grimmigheid
kan verlos nie;[s] maar deur die
vuur van sy ywer sal die hele
aarde verteer word,[t] want hy
sal ’n uitroeiing, ja, ’n verskrik-
like uitroeiing, oor al die bewo-
ners van die aarde bring.”[u]

**2** Versamel julle, ja, kom by-
mekaar,[v] o nasie wat nie
van skaamte verbleek nie.[w]
**2** Voordat die insetting iets
baar,[x] voordat die dag soos kaf
verbygegaan het, voordat die
brandende toorn van Jehovah
oor julle kom,[y] voordat die dag
van Jehovah se toorn oor jul-
le kom,[z] **3** soek Jehovah,[a] alle
sagmoediges van die aarde,[a]
wat Sy regterlike beslissing
uitgevoer het. Soek regver-
digheid,[b] soek sagmoedigheid.[c]
Moontlik[d] sal julle verberg
word in die dag van Jehovah
se toorn.[e] **4** Want Gasa sal ’n
verlate stad word;[f] en As′kelon
sal ’n verlate woesteny word.[g]
Hulle sal Asdod[h] op die middag-
uur verdryf;[i] en Ekron sal ont-
wortel word.[j]

**5** “Wee dié wat die seestreek
bewoon, die nasie van die Kere-
tiete![k] Die woord van Jehovah
is teen julle. O Kanaän, die land
van die Filistyne, ek sal jou ook
vernietig, sodat daar geen in-
woner sal wees nie.[l] **6** En die
seestreek sal weivelde word,[m]
met putte vir herders en klip-
krale vir skape. **7** En dit sal ’n
streek vir die oorblywendes van
die huis van Juda word.[n] Hul-
le sal daarop wei. In die huise
van As′kelon sal hulle saans uit-
gestrek lê. Want Jehovah hulle
God sal sy aandag op hulle rig[o]
en beslis hulle gevangenes laat
terugkeer.”[p]

**8** “Ek het die smaad van
Moab[q] en die smadende woorde
van die kinders van Ammon ge-
hoor,[r] waarmee hulle my volk
gesmaad het en hulle baie groot
bly hou het teen hulle gebied.
**9** Daarom, so waar as ek le-
we”,[s] is die woord van Jehovah
van die leërs, die God van Is-
rael, “Moab sal net soos Sodom
word,[t] en die kinders van Am-
mon[u] soos Gomor′ra, ’n plek vol
netels en ’n soutput en ’n ver-
late woesteny, ja, tot onbepaal-
de tyd.[v] Die oorblywendes van

**HFST. 1**
a Jes 56:12; Jer 48:11
b Ps 10:13; Ps 14:1; Ps 94:7; 2Pe 3:4
c Jes 6:11; Jer 5:17; Hab 2:7
d Am 5:11
e De 28:30
f Mal 4:1
g Jl 2:1; Han 2:20; Op 6:17
h Hab 2:3
i Jes 66:6; Heb 12:26
j Jes 33:7; Jer 48:41; Jl 1:15; Op 6:16
k Jer 30:7; Lu 21:25; Op 6:17
l Jl 2:2; Am 5:18
m Jer 4:19
n Jes 2:15
o De 28:28; Jes 59:10
p Jes 24:5; Da 9:5
q Ps 79:3; Op 14:20
r Ps 83:10; Jer 9:22; Jer 16:4; Jer 25:33
s Spr 11:4; Jes 2:20; Ese 7:19; Jak 5:1
t De 32:22; Jer 7:20; Sef 3:8
u Jer 4:27

**HFST. 2**
v Jl 1:14; Jl 2:16
w Jes 1:4; Jer 6:15
x 2Pe 3:9
y 2Kr 36:16; Jer 23:20; Klg 4:11
z 2Kn 23:26; Na 1:6; Mal 4:1
a Ps 105:4; Jes 2:3; Jes 55:6; Am 5:6

**Tweede kol.**
a Ps 25:9; Ps 76:9; Mt 5:5
b Mt 6:33; Ro 1:17; Ro 10:3; Ef 4:24
c Ps 25:9; Spr 22:4
d Ps 37:11; Jl 2:14; Am 5:15; Jon 3:9

**e** Ge 7:16; Ps 31:20; Jes 26:20; **f** Jer 25:20; Am 1:6; Sag 9:5; **g** Jer 25:20; Jer 47:5; Ese 25:16; **h** Am 1:8; **i** Ps 91:6; Jer 15:8; **j** Sag 9:5; **k** Ese 25:16; **l** Jos 13:3; Jes 14:29; **m** Jes 17:2; Ese 25:5; **n** Jes 11:11; Jer 31:7; Mi 2:12; Mi 4:7; Hag 1:12; **o** Mi 4:10; Lu 1:68; **p** Ps 126:1; Jer 23:3; Jer 29:14; Jer 30:10; Ese 39:25; Am 9:14; Sef 3:20; **q** Jer 48:27; Ese 25:8; **r** Ps 83:4; Jer 49:1; Ese 25:3; **s** Nu 14:21; Jes 49:18; Jer 46:18; Ro 14:11; **t** Ge 19:24; Ese 25:11; Am 2:1; **u** Ese 25:2; Am 1:13; **v** De 29:23; Jes 13:19; Jer 50:40; Jl 3:19; Jud 7.

my volk sal hulle plunder, en die
oorblyfsel van my nasie sal hul-
le in besit neem.[a] **10** Dít sal
hulle hê in die plek van hulle
trots,[b] omdat hulle die volk van
Jehovah van die leërs gesmaad
het en hulle baie groot bly hou
het teen hulle.[c] **11** Jehovah
sal vreesinboesemend teen hul-
le wees;[d] want hy sal beslis al
die gode van die aarde laat weg-
teer,[e] en mense sal hulle voor
hom neerbuig,[f] elkeen vanuit sy
plek, al die eilande van die na-
sies.[g]

**12** “Ook julle, o Etiopiërs,[h]
julle sal deur my swaard omge-
bring word.[i]

**13** “En hy sal sy hand na die
noorde uitsteek, en hy sal Assi′-
rië vernietig.[j] En hy sal Ni′ne-
ve ’n verlate woesteny maak,[k]
’n waterlose streek soos die wil-
dernis. **14** En daarin sal trop-
pe beslis uitgestrek lê, al die
wilde diere van ’n nasie.[l] Die pe-
likaan sowel as die ystervark[m]
sal tussen sy pilaarkapitele oor-
nag.[n] ’n Stem sal in die ven-
ster bly sing. Verwoesting sal
op die drumpel wees; want hy
sal beslis die paneelwerk[o] bloot-
lê. **15** Dit is die uitgelate stad
wat in veiligheid gesit het,[p] wat
in sy hart gesê het: ‘Ek is, en
daar is niemand anders nie.’[q]
Hoe het dit tog ’n voorwerp van
verbasing geword, ’n plek waar
die wilde diere uitgestrek lê!
Elkeen wat daar verbygaan, sal
fluit; hy sal met sy hand skud.”[r]

**3** Wee hom wat in opstand
kom en hom besoedel, die
verdrukkende stad![s] **2** Hy het
nie na ’n stem geluister nie;[t] hy
het nie dissipline aanvaar nie.[u]
Op Jehovah het hy nie ver-
trou nie.[v] Nader aan sy God het
hy nie gekom nie.[w] **3** Sy vors-
te in hom was brullende leeus.[x]
Sy regters was aandwolwe wat
beendere nie tot die oggend
toe gekou het nie.[a] **4** Sy pro-
fete was vermetel, was manne
van verraad.[b] Sy priesters het
ontheilig wat heilig was; hul-
le het die wet geweld aange-
doen.[c] **5** Jehovah was regver-
dig in hom;[d] hy het geen onreg
gedoen nie.[e] Oggend na oggend
het hy sy regterlike beslissing
bly gee.[f] Met ligdag het dit nie
ontbreek nie.[g] Maar die onreg-
verdige het geen skaamte ge-
ken nie.[h]

**6** “Ek het nasies uitgeroei;
hulle hoektorings is in puin ge-
lê. Ek het hulle strate verwoes,
sodat niemand daar deurgetrek
het nie. Hulle stede is woes gelê,
sodat daar geen mens was nie,
sodat daar geen inwoner was
nie.[i] **7** Ek het gesê: ‘Jy sal my
sekerlik vrees; jy sal dissipli-
ne aanvaar’;[j] sodat sy woonplek
nie uitgeroei sou word nie[k]—al-
les waarvoor ek van hom reken-
skap sal eis.[l] Waarlik, hulle was
gou om al hulle handelinge ver-
derflik te maak.[m]

**8** “ ‘Daarom, hou aan om my
te verwag’,[n] is die woord van Je-
hovah, ‘tot die dag dat ek op-
staan tot die buit,[o] want my
regterlike beslissing is om na-
sies te versamel,[p] om koninkry-
ke bymekaar te bring ten ein-
de my veroordeling oor hulle
uit te stort,[q] al my branden-
de toorn; want deur die vuur
van my ywer sal die hele aar-
de verteer word.[r] **9** Want dan
sal ek volke tot ’n suiwer taal
laat oorgaan,[s] sodat hulle almal
die naam van Jehovah sal aan-
roep,[t] om hom skouer aan skou-
er te dien.’[u]

**HFST. 2**

a Mi 5:8
b Jes 16:6; Jer 48:29; Ob 3
c Jes 10:12; Jes 37:23; Ese 38:11; Jak 5:4; 1Pe 5:5
d Ne 1:5
e Ho 2:17; Sag 13:2
f Ps 22:27; Ps 72:9; Mal 1:11
g Jes 42:4; Jes 49:1
h Jes 20:4; Jes 43:3; Ese 30:4
i Ps 17:13; Jer 47:6
j Jes 10:12; Ese 31:3; Ese 31:11; Na 3:5
k Na 3:7; Na 3:18
l Op 18:2
m Jes 34:11
n Am 9:1
o Jer 22:14
p Jes 22:2; Jes 47:7; Na 3:1
q Jes 47:8
r Na 3:19

**HFST. 3**

s Jes 5:7; Jer 6:6; Mal 3:5
t De 28:15; Jer 22:21; Jer 32:23
u Ps 50:17; Jes 1:5; Jer 5:3
v Ps 78:22; Jes 31:1; Jer 17:5
w Job 21:14; Jes 29:13; Heb 10:22
x Spr 28:15; Jes 1:23

**Tweede kol.**

a Hab 1:8
b Jer 23:11; Klg 2:14; Mt 7:15; 2Pe 2:1
c 1Sa 2:12; Ese 22:26; Mi 3:9
d De 32:4; Ps 99:4; Ro 3:26
e Job 34:10
f Jer 21:12; Sag 7:9
g Mi 7:9; Lu 12:2; Ro 2:5; 1Ko 4:5
h Jer 3:3; Jer 8:12; Sef 2:1

**i** Le 18:28; Jes 37:11; Jer 25:33; **j** Jes 5:4; Jes 63:8; Lu 19:42; 2Pe 3:9; **k** Jer 7:7; Jer 25:5; **l** 2Kr 36:16; **m** Ge 6:12; De 32:5; Ho 9:9; Mi 2:1; **n** Ps 27:14; Ps 37:34; Ps 62:1; Ps 130:7; Spr 20:22; Jes 30:18; Jak 5:7; **o** Jes 42:13; **p** Jl 3:2; Sag 14:2; Op 16:14; Op 19:19; **q** Ps 69:24; Jer 10:10; **r** De 32:22; Jes 34:2; Ese 36:5; Sef 1:18; **s** Jes 19:18; Ef 4:25; **t** 1Kn 8:43; Sag 8:21; **u** Sag 8:23; Flp 1:27.

**10** “Uit die streek van die ri-
viere van Etiopië sal dié wat my
dringend versoek, naamlik die
dogter van my verstrooides, vir
my ’n gawe bring.[a] **11** Op dié
dag sal jy jou nie skaam weens
al jou handelinge waarmee jy
teen my oortree het nie,[b] want
dan sal ek jou hoogmoedige
uitgelatenes uit jou verwyder;[c]
en jy sal nooit weer hoogmoe-
dig wees op my heilige berg
nie.[d] **12** En ek sal beslis ’n
nederige en geringe volk in
jou laat oorbly,[e] en hulle sal
by die naam van Jehovah toe-
vlug soek.[f] **13** Die oorblywen-
des van Israel[g] sal geen onreg
doen[h] of leuen spreek nie,[i] en
ook sal daar in hulle mond geen
bedrieglike tong gevind word
nie;[j] want hulle sal wei en uit-
gestrek lê,[k] en daar sal niemand
wees wat hulle laat bewe nie.”[l]

**14** Roep met vreugde uit, o
dogter van Sion! Hef ’n gejuig
aan,[m] o Israel! Verbly en ver-
heug jou van ganser harte, o
dogter van Jerusalem![n] **15** Je-
hovah het jou oordele verwy-
der.[o] Hy het jou vyand laat weg-
draai.[p] Die koning van Israel,
Jehovah, is in jou midde.[q] Jy
sal geen rampspoed meer vrees
nie.[a] **16** In dié dag sal daar
vir Jerusalem gesê word: “Moe-
nie bang wees nie, o Sion.[b] Laat
jou hande nie slap word nie.[c]
**17** Jehovah jou God is in jou
midde. As ’n Magtige sal hy
red.[d] Hy sal hom met blydskap
oor jou verheug.[e] Hy sal swyg
in sy liefde. Hy sal met vreugde-
volle uitroepe oor jou bly wees.

**18** “Dié wat bedroef is[f] oor
hulle afwesigheid by jou fees-
tyd, sal ek beslis versamel;[g]
hulle is afwesig van jou, omdat
hulle weens hom smaad dra.[h]
**19** Kyk, in dié tyd tree ek op
teen almal wat jou verdruk;[i] en
ek sal dié red wat mank is,[j] en
dié wat verstrooi is, sal ek by-
mekaarmaak.[k] En ek sal hulle
tot ’n lof en ’n naam in die hele
land van hulle skaamte maak.
**20** In dié tyd sal ek julle in-
bring, ja, in die tyd wanneer ek
julle bymekaarmaak. Want ek
sal julle tot ’n naam en ’n lof on-
der al die volke van die aarde
maak, wanneer ek julle gevan-
genes voor julle oë laat terug-
keer”, het Jehovah gesê.[l]

HFST. 3
a Ps 68:31; Ps 72:10; Jes 18:7; Jes 60:4; Han 8:27; Ro 15:16
b Jes 45:17; Jes 54:4
c Lu 1:51; Jak 4:6; 1Pe 5:5
d 2Sa 22:28; Jes 11:9
e Jes 57:15; Jes 61:1; Mt 5:3; 1Ko 1:27
f Spr 18:10; Heb 6:18
g Jes 10:22; Mi 4:7
h Jes 60:21; Mt 13:41
i Jes 63:8; Ef 4:25; Kol 3:9; Op 14:5; Op 21:27
j Spr 12:22
k Ese 34:28; Ho 2:18; Mi 4:4; Op 7:17
l Jer 30:10; Ese 39:26
m Esr 3:11; Jes 12:6; Sag 2:10
n Mi 4:8
o Jes 40:2; Sag 8:13
p Mi 7:10; Sag 2:9; Ro 8:33
q Jes 33:22; Ese 48:35; Op 7:15

Tweede kol.
a Am 9:15; Sag 14:11
b Jer 46:28; Joh 12:15
c Jes 35:3; Heb 12:12; d Ps 24:8; Jes 12:6; e De 30:9; Ps 147:11; Jes 62:3; Jes 65:19; Jer 32:41; f Ps 42:3; Klg 1:4; Klg 2:6; g Jer 23:3; Ho 1:11; h Klg 5:1; i Jes 26:11; Jes 60:14; Sag 14:3; j Ese 34:16; Mi 4:6; k Jes 11:11; Jes 27:12; Ese 28:25; Am 9:14; Mi 4:7; l Jes 60:15; Jes 61:7; Jer 30:10; Jer 33:9; Ese 39:25.

# HAGGAI

**1** In die tweede jaar van ko-
ning Dari′us,[a] in die sesde
maand, op die eerste dag van
die maand, het die woord van
Jehovah deur middel van die
profeet Haggai gekom[b] tot Se-
rubba′bel,[c] die seun van Seal′-
tiël,[d] die goewerneur van Ju-
da,[e] en tot Josua,[f] die seun van
Jo′sadak,[g] die hoëpriester, en
gesê:

**2** “Só het Jehovah van die
leërs[a] gesê: ‘Wat hierdie volk be-
tref, hulle het gesê: “Die tyd het
nie gekom, die tyd dat die huis
van Jehovah gebou moet word
nie.” ’ ”[b]

**3** En die woord van Jeho-
vah het verder deur middel van
die profeet Haggai gekom en

HFST. 1
a Esr 4:24; Sag 1:1
b Esr 5:1; Esr 6:14
c 1Kr 3:19; Esr 3:2; Esr 5:2; Mt 1:12
d 1Kr 3:17; Lu 3:27
e Esr 1:8; Esr 5:14
f Sag 3:1; Sag 6:11
g 1Kr 6:15

Tweede kol. a 1Sa 1:3; 2Kn 6:17; b Esr 4:4; Esr 4:23.

gesê: **4** “Is dit die tyd vir jul-
le om in julle huise met paneel-
werk te woon,[a] terwyl hierdie
huis woes lê?[b] **5** Só het Jeho-
vah van die leërs dan nou ge-
sê: ‘Rig julle hart op julle
weë.[c] **6** Julle het baie saad ge-
saai, maar min word ingebring.[d]
Daar word geëet, maar nie tot
versadiging toe nie.[e] Daar word
gedrink, maar nie tot dronken-
skap toe nie. Klere word aange-
trek, maar niemand word warm
nie; en wie hom verhuur, ver-
huur hom vir ’n sak vol gate.’ ”[f]

**7** “Só het Jehovah van die
leërs gesê: ‘Rig julle hart op jul-
le weë.’[g]

**8** “ ‘Gaan op na die berg, en
julle moet timmerhout bring.[h]
En bou die huis,[i] sodat ek daar-
in behae kan skep[j] en verheer-
lik kan word’,[k] het Jehovah ge-
sê.”

**9** “ ‘Daar is na baie uitgesien,
maar kyk, daar was net ’n bie-
tjie;[l] en julle het dit in die huis
ingebring, en ek het daarop ge-
blaas[m]—waarom?’[n] is die woord
van Jehovah van die leërs. ‘Ter
wille van my huis wat woes lê,
terwyl julle rondhardloop, elk-
een vir sy eie huis.[o] **10** Daar-
om het die hemel oor julle sy
dou teruggehou, en die aarde
het sy opbrengs teruggehou.[p]
**11** En ek het om droogte bly
roep oor die aarde en oor die
berge en oor die graan en oor
die nuwe wyn[q] en oor die olie
en oor wat die grond gewoonlik
voortbring en oor die mens en
oor die mak dier en oor al die
moeisame arbeid van die han-
de.’ ”[r]

**12** En Serubba′bel,[s] die seun
van Seal′tiël, en Josua, die seun
van Jo′sadak,[t] die hoëpriester,
en al die oorblywendes van die
volk het na die stem van Je-
hovah hulle God begin luister[u]
en na die woorde van die pro-
feet Haggai,[a] aangesien Jeho-
vah hulle God hom gestuur het;
en die volk is weens Jehovah
met vrees vervul.[b]

**13** En Haggai, die boodskap-
per[c] van Jehovah, het ooreen-
komstig die boodskapper se op-
drag van Jehovah met die volk
gepraat[d] en gesê: “ ‘Ek is met
julle’,[e] is die woord van Jeho-
vah.”

**14** En Jehovah het die gees
van Serubba′bel, die seun van
Seal′tiël, die goewerneur van
Juda, en die gees van Josua,[f] die
seun van Jo′sadak, die hoëpries-
ter, en die gees van al die oor-
blywendes van die volk opge-
wek;[g] en hulle het ingekom en
die werk begin doen in die huis
van Jehovah van die leërs, hulle
God.[h] **15** Dit was op die vier-
en-twintigste dag van die sesde
maand in die tweede jaar van
koning Dari′us.[i]

**2** In die sewende[j] maand, op
die een-en-twintigste dag
van die maand, het die woord
van Jehovah deur middel van
die profeet Haggai gekom[k] en
gesê: **2** “Praat asseblief met
Serubba′bel,[l] die seun van Seal′-
tiël,[m] die goewerneur van Ju-
da,[n] en met Josua,[o] die seun
van Jo′sadak,[p] die hoëpriester,
en met die oorblywendes van
die volk en sê: **3** ‘Wie is nog
onder julle oor wat hierdie huis
in sy vroeëre heerlikheid gesien
het?[q] En hoe sien julle dit nou?
Is dit nie, in vergelyking daar-
mee, soos niks in julle oë nie?’[r]

**4** “ ‘Maar wees nou sterk, o
Serubba′bel’, is die woord van
Jehovah, ‘en wees sterk,[s] o Jo-
sua, die seun van Jo′sadak, die
hoëpriester.’

**HFST. 1**

a 2Sa 7:2
b Jer 26:18; Jer 52:13; Da 9:17
c Rig 19:30; Ps 119:59; Klg 3:40; Mal 2:2
d De 28:38; Am 4:9
e Le 26:26; Ese 4:16
f Pr 5:6; Jak 4:2
g Hag 1:5
h 2Kr 2:8; Esr 3:7
i Esr 5:2; Esr 6:15; Sag 1:16
j 1Kn 9:3; 2Kr 7:16
k Eks 29:43; Ps 29:9; Jes 60:13
l Jes 17:11; Ho 8:7
m Jes 40:7; Mal 2:2
n Job 10:2; 1Ko 11:31; Jak 4:1; Op 3:19
o Ne 10:39; Hag 1:4; Flp 2:21
p Le 26:19; De 28:23; 1Kn 8:35
q Jes 24:7; Ho 2:8
r De 28:20; Jl 1:11
s Esr 5:2
t 1Kr 6:15
u Jer 7:23; Heb 3:7

**Tweede kol.**

a Esr 5:1; Esr 6:14
b Ps 112:1; Spr 1:7; Pr 12:13; Han 9:31; Heb 12:28
c 2Kr 36:15; Jes 44:26
d Jer 1:17; 2Ko 5:20
e 2Kr 15:2; Ps 46:7; Jes 8:10; Ro 8:31
f Sag 3:6; Sag 6:13
g Esr 1:1; Esr 1:5; Sag 4:6; Flp 2:13
h Esr 5:2; Sag 6:15; Heb 13:21
i Hag 1:1

**HFST. 2**

j 1Kn 8:2
k Esr 5:1; Esr 6:14
l Sag 4:9

m 1Kr 3:17; n Esr 1:8; o Sag 3:8; Sag 6:11; p 1Kr 6:15; q 1Kn 6:1; Esr 3:12; r Sag 4:10; s 1Kr 22:13; Sag 8:9; 1Ko 16:13; Ef 6:10.

“‘En wees sterk, julle almal,
volk van die land’, is die woord
van Jehovah, ‘en werk.’[a]
“‘Want ek is met julle’,[b] is
die woord van Jehovah van die
leërs. **5** ‘Onthou wat ek met
julle gesluit het toe julle uit
Egipte uitgetrek het[c] en toe my
gees[d] in julle midde gestaan het.
Moenie bang wees nie.’ ”[e]
**6** “Want só het Jehovah van
die leërs gesê: ‘Nog een keer
—net ’n klein rukkie[f]—en ek
skud die hemel en die aarde en
die see en die droë grond.’[g]
**7** “‘En ek sal al die nasies
skud, en die begeerlike dinge
van al die nasies moet inkom;[h]
en ek sal hierdie huis met heer-
likheid vul’,[i] het Jehovah van
die leërs gesê.
**8** “‘Die silwer is myne en die
goud is myne’,[j] is die woord van
Jehovah van die leërs.
**9** “‘Die heerlikheid van hier-
die latere huis sal groter word
as dié van die vroeëre’,[k] het Je-
hovah van die leërs gesê.
“‘En op hierdie plek sal ek
vrede gee’,[l] is die woord van Je-
hovah van die leërs.”
**10** Op die vier-en-twintigste
dag van die negende maand, in
die tweede jaar van Dari′us, het
die woord van Jehovah tot die
profeet Haggai gekom[m] en ge-
sê: **11** “Só het Jehovah van die
leërs gesê: ‘Vra die priesters as-
seblief aangaande die wet[n] en
sê: **12** “As ’n man heilige vleis
in die slip van sy kleed dra, en
hy raak met sy slip aan brood
of ’n gereg of wyn of olie of
enige soort voedsel, sal dit hei-
lig word?” ’ ”[o]
En die priesters het geant-
woord en gesê: “Nee!”
**13** En Haggai het verder ge-
sê: “As iemand wat deur ’n afge-
storwe siel onrein is, aan enige
van hierdie dinge raak, sal dit
onrein word?”[a]
Hierop het die priesters ge-
antwoord en gesê: “Dit sal on-
rein word.”
**14** Toe het Haggai geant-
woord en gesê: “‘So is hierdie
volk, en so is hierdie nasie voor
my’,[b] is die woord van Jehovah,
‘en so is al die werk van hulle
hande en wat hulle ook al daar
aanbied. Dit is onrein.’[c]
**15** “‘Maar rig nou asseblief
julle hart[d] hierop, van hierdie
dag af aan, voordat daar ’n klip
op ’n klip in die tempel van Je-
hovah gelê is,[e] **16** vandat dié
dinge gebeur het—iemand het
by ’n hoop van twintig mate ge-
kom, en dit was tien; iemand
het by die parskuip gekom om
vyftig mate uit die wyntrog
te skep, en dit was twintig;[f]
**17** ek het julle met ver-
skroeiing[g] en met heuningdou[h]
en met hael[i] getref, ja, al die
werk van julle hande,[j] en nie-
mand by julle het hom tot my
gewend nie’,[k] is die woord van
Jehovah—
**18** “‘Rig julle hart[l] asseblief
hierop, van hierdie dag af aan,
van die vier-en-twintigste dag
van die negende maand, van die
dag af dat die fondament van
die tempel van Jehovah gelê
is;[m] rig julle hart hierop: **19** Is
daar nog saad in die graankuil?[n]
En die wingerdstok en die vye-
boom en die granaatboom en
die olyfboom—dit het nog nie
gedra nie, of hoe? Van hierdie
dag af sal ek seën.’ ”[o]
**20** En die woord van Jehovah
het ’n tweede keer tot Haggai
gekom[p] op die vier-en-twintig-
ste dag van die maand[q] en gesê:
**21** “Sê vir Serubba′bel, die goe-
werneur van Juda:[r] ‘Ek skud

**HFST. 2**
a Joh 6:28; Han 18:9; Kol 3:23
b Eks 3:12; Jes 43:2; Ro 8:31
c Eks 29:45; Eks 34:10
d Nu 11:25; Jes 63:11; Sag 4:6; Joh 14:16
e Jes 41:10; Sag 8:13
f Ps 37:10; Jes 10:25; Heb 12:27
g Jes 34:4; Jer 4:24; Jl 3:16; Heb 12:26
h Jes 2:2; Jes 60:5; Jes 60:11; Op 7:9
i Eks 40:35; 1Kn 8:11; Jes 66:12
j 1Kr 29:14; Ps 24:1
k Jes 60:13; Jes 66:12; Heb 3:6
l Ps 85:8; Jes 2:4; Jes 60:17; Sag 8:12; Joh 14:27
m Hag 1:1
n Le 10:11; De 33:10; Ese 44:23; Mal 2:7; Tit 1:9
o Eks 29:37; Mt 23:19

**Tweede kol.**
a Le 7:21; Nu 5:2; Nu 9:6; Nu 19:11; Nu 31:19
b Spr 15:8; Spr 28:9
c Jes 66:3
d Ho 14:9; Mal 2:2; Heb 3:12
e Esr 3:10; Sag 4:9
f Hag 1:6; Sag 8:10
g Ge 41:27; Am 4:9
h De 28:22; 1Kn 8:37; 2Kr 6:28
i Jes 28:2
j Ps 78:46; Jer 3:24
k 2Kr 28:22; Jes 29:13; Jer 5:3; Am 4:6
l De 32:29; Hag 1:5
m Esr 5:2; Sag 8:9
n Hag 1:6

**o** Ge 26:12; Le 26:4; Ps 128:2; Spr 3:10; Spr 10:22; Sag 8:12; Mt 6:33; **p** Esr 5:1; Esr 6:14; **q** Hag 2:10; **r** Hag 1:1.

die hemel en die aarde.[a]
22 En ek sal beslis die troon
van koninkryke omverwerp en
die krag van die koninkryke
van die nasies vernietig;[b] en ek
sal die strydwa en dié wat daar-
op ry, omverwerp, en die perde
en hulle ruiters sal beslis val,[c]
elkeen deur die swaard van sy
broer.' "[d]
23 " 'In dié dag', is die woord
van Jehovah van die leërs, 'sal
ek jou neem, o Serubba′bel,[a] die
seun van Seal′tiël,[b] my kneg', is
die woord van Jehovah, 'en ek
sal jou beslis 'n seëlring[c] maak,
want jou het ek uitgekies',[d] is
die woord van Jehovah van die
leërs."[e]

HFST. 2
a Hag 2:6
Heb 12:26
b Ps 2:8
Jes 60:12
Da 2:44
Sef 3:8
c Eks 14:28
Ps 76:6
Ese 39:20
d Rig 7:22
Jes 19:2

**Tweede kol.** **a** 1Kr 3:19; Esr 3:8; **b** 1Kr 3:17; Mt 1:12; **c** Jer 22:24; Joh 6:27; 2Ti 2:19; **d** Jes 42:1; Mt 12:18; 1Pe 2:4; **e** Ps 103:21.

# SAGARIA

**1** In die agtste maand, in die
tweede jaar van Dari′us,[a]
het die woord van Jehovah ge-
kom tot Sagari′a,[b] die seun van
Bereg′ja, die seun van Iddo,[c] die
profeet, en gesê: 2 "Jehovah
het baie verontwaardig geraak
teenoor julle vaders.[d]
3 "En jy moet vir hulle sê:
'Só het Jehovah van die leërs
gesê: " 'Keer terug tot my',[e] is
die woord van Jehovah van die
leërs, 'en ek sal tot julle terug-
keer',[f] het Jehovah van die leërs
gesê." '
4 " 'Moenie soos julle vaders
word nie,[g] tot wie die vroeëre
profete geroep[h] en gesê het: "Só
het Jehovah van die leërs ge-
sê: 'Keer asseblief terug van jul-
le slegte weë en van julle slegte
handelinge.' " '[i]
" 'Maar hulle het nie geluis-
ter nie, en hulle het geen aan-
dag aan my geskenk nie',[j] is die
woord van Jehovah.
5 " 'Wat julle vaders betref,
waar is hulle?[k] En wat die pro-
fete betref,[l] het hulle tot onbe-
paalde tyd bly lewe? 6 Maar
my woorde en my voorskrifte
wat ek my knegte, die profete,
beveel het,[m] het dit julle vaders
nie ingehaal nie?'[n] Toe het hul-
le teruggekeer en gesê: 'Volgens
wat Jehovah van die leërs in ge-
dagte gehad het om aan ons te
doen,[a] volgens ons weë en vol-
gens ons handelinge, so het hy
met ons gedoen.' "[b]
7 Op die vier-en-twintigste
dag van die elfde maand, dit is
die maand Sebat, in die tweede
jaar van Dari′us,[c] het die woord
van Jehovah gekom tot Saga-
ri′a,[d] die seun van Bereg′ja, die
seun van Iddo,[e] die profeet, en
gesê: 8 "Ek het in die nag ge-
sien, en kyk! 'n man[f] het op 'n
rooi perd[g] gery, en hy het stil-
gestaan tussen die mirtebome[h]
wat in die diepte was; en agter
hom was daar rooi, helderrooi
en wit perde."[i]
9 En toe het ek gesê: "Wie is
hulle, my heer?"[j]
Daarop het die engel wat met
my gepraat het, vir my gesê:[k]
"Ek sal jou toon wie hulle is."
10 Toe het die man wat tus-
sen die mirtebome stilge-
staan het, geantwoord en gesê:
"Dit is hulle wat Jehovah uitge-
stuur het om die aarde te deur-
kruis."[l] 11 En hulle het die
engel van Jehovah wat tussen

HFST. 1
a Esr 4:24
Hag 1:1
Hag 2:10
b Esr 5:1
Sag 1:7
c Ne 12:4
d De 29:27
2Kn 22:17
Jer 44:6
Sag 8:14
e Jer 25:5
Ese 33:11
Mal 3:7
f Jes 55:7
Jer 12:15
Ho 14:4
Mi 7:19
g 2Kr 29:6
Esr 9:7
Ne 9:16
Ps 106:6
h 2Kr 36:16
i Jes 1:16
Jer 3:12
Ho 14:1
j Jer 11:8
Jer 44:16
Sag 7:11
k Pr 9:5
Pr 12:7
l Heb 11:37
m Jer 26:15
Sag 7:7
n 2Kr 36:17
Da 9:12

**Tweede kol.**
a Nu 33:56
De 28:45
Jer 23:20
b De 28:20
Jes 3:8
Ese 20:43
Ho 9:15
c Esr 4:24
d Esr 5:1
e Ne 12:4
f Ps 45:3
g Spr 21:31
Op 6:4
h Jes 41:19
Jes 55:13

**i** Sag 6:2; Sag 6:6; **j** Da 7:16; Sag 4:4; **k** Da 8:16; Sag 4:5; **l** Ps 91:11; Ps 103:21; Heb 1:14.

die mirtebome gestaan het, ge-
antwoord en gesê: “Ons het die
aarde deurkruis,[a] en kyk! die
hele aarde sit stil en het rus.”[b]
12 Toe het die engel van Je-
hovah geantwoord en gesê: “O
Jehovah van die leërs, hoe lank
sal u geen barmhartigheid be-
wys aan Jerusalem en aan die
stede van Juda,[c] wat u hierdie
sewentig jaar veroordeel het
nie?”[d]
13 En Jehovah het die en-
gel geantwoord wat met my ge-
praat het, met goeie woorde,
vertroostende woorde;[e] 14 en
die engel wat met my gepraat
het, het vir my gesê: “Roep uit
en sê: ‘Só het Jehovah van die
leërs gesê: “Ek was jaloers ten
opsigte van Jerusalem en ten
opsigte van Sion met groot ja-
loesie.[f] 15 Met groot veront-
waardiging is ek verontwaardig
teenoor die nasies wat gerus
is;[g] want ék was net in geringe
mate verontwaardig,[h] maar húl-
le het die rampspoed aange-
help.” ’[i]
16 “Daarom, só het Jehovah
gesê: ‘“Ek sal beslis met barm-
hartighede tot Jerusalem terug-
keer.[j] My huis sal daarin gebou
word”,[k] is die woord van Jeho-
vah van die leërs, “en ’n meet-
snoer sal oor Jerusalem gespan
word.” ’[l]
17 “Roep verder uit en sê: ‘Só
het Jehovah van die leërs gesê:
“My stede sal weer oorloop van
goedheid;[m] en Jehovah sal be-
slis weer spyt voel oor Sion[n] en
Jerusalem weer uitkies.” ’ ”[o]
18 En ek het my oë opge-
slaan en gesien; en kyk! daar
was vier horings.[p] 19 Toe het
ek vir die engel wat met my ge-
praat het, gesê: “Wat is dit?” En
hy het vir my gesê: “Dit is die
horings wat Juda,[q] Israel[r] en Je-
rusalem verstrooi het.”[s]

**HFST. 1**

a Ps 103:20
b Sag 1:15
c Ps 74:10; Ps 102:13; Jes 64:9
d 2Kr 36:21; Jer 25:12; Da 9:2; Sag 7:5
e Jes 40:1; Jer 29:10; Jer 30:10; Sef 3:15
f Ho 11:8; Jl 2:18; Na 1:2; Sag 8:2
g Jer 48:11; Sag 1:11
h Jes 54:8; Heb 12:7
i Ps 69:26; Ps 137:7; Jes 47:6; Jer 51:35
j Jes 12:1; Jer 33:14; Sag 8:3
k Esr 6:14; Jes 44:28; Hag 1:14
l Jer 31:39; Ese 40:3; Sag 2:1
m Ps 69:35
n Jes 51:3
o Ps 132:13; Sag 3:2
p Sag 1:21
q 2Kn 24:12; 2Kn 25:11
r 2Kn 15:29; 2Kn 17:6; 2Kn 18:11; Jer 50:17
s 2Kr 36:20

**Tweede kol.**

a Da 8:9
b Ps 75:4; Ps 110:5; Lu 21:24

**HFST. 2**

c Sag 1:16; Op 11:1
d Jer 31:39; Ese 45:6; Op 21:15
e Jer 30:18; Ese 36:10; Sag 12:6
f Jes 33:20; Jes 44:26; Jer 31:24; Jer 33:10; Sag 8:4
g 2Kn 6:17; Ps 46:11; Ps 125:2; Jes 26:1
h Jes 12:6; Jes 60:19; Hag 2:9
i Jes 11:12; Jes 11:16; Jer 1:14
j De 28:64; Ese 5:12
k Jes 52:2; Mi 4:10

20 Daarbenewens het Jeho-
vah my vier vakmanne getoon.
21 Daarop het ek gesê: “Wat
kom hulle doen?”
En hy het vir my gesê: “Dit
is die horings[a] wat Juda so ver-
strooi het dat hoegenaamd nie-
mand sy kop opgelig het nie; en
hierdie ander sal kom om hul-
le te laat bewe, om die horings
van die nasies neer te werp wat
’n horing teen die land van Juda
ophef om dit te verstrooi.”[b]

2 En ek het my oë opgeslaan
en gesien; en kyk! daar was
’n man, en in sy hand ’n meet-
snoer.[c] 2 Toe het ek gesê:
“Waar gaan u heen?”
Daarop het hy vir my gesê:
“Om Jerusalem te meet, om te
sien wat sy breedte is en wat sy
lengte is.”[d]
3 En kyk! die engel wat met
my gepraat het, het voren-
toe gekom, en ’n ander engel
het vorentoe gekom om hom
te ontmoet. 4 Toe het hy vir
hom gesê: “Hardloop, praat met
daardie jong man en sê: ‘“Jeru-
salem sal soos oop platteland-
se gebied bewoon word,[e] weens
die menigte mense en mak diere
daarin.[f] 5 En ek”, is die woord
van Jehovah, “sal vir hom ’n
muur van vuur rondom word,[g]
en ’n heerlikheid sal ek in hom
word.” ’ ”[h]
6 “Kom! Kom! VLUG dan uit
die land van die noorde”,[i] is die
woord van Jehovah.
“Want in die rigting van die
vier winde van die hemel het
ek julle verstrooi”,[j] is die woord
van Jehovah.
7 “Kom, Sion![k] Vlug, jy wat
by die dogter van Babilon
woon.[l] 8 Want só het Jehovah
van die leërs gesê: ‘Agter die
heerlikheid[m] aan het hy my na

l Jes 48:20; Jer 50:8; **m** Jes 60:13; Jes 66:12; Sag 2:5.

die nasies gestuur wat julle ge-
plunder het;[a] want wie aan jul-
le raak,[b] raak aan my oogappel.[c]
9 Want kyk, ek swaai my hand
teen hulle,[d] en hulle sal vir hulle
slawe buit moet word.'[e] En julle
sal beslis weet dat Jehovah van
die leërs my gestuur het.[f]

10 "Roep hard uit en wees
bly, o dogter van Sion;[g] want
kyk, ek kom,[h] en ek sal in jou
midde woon",[i] is die woord van
Jehovah. 11 "En baie nasies
sal beslis in dié dag by Jehovah
aansluit,[j] en hulle sal my volk
word;[k] en ek sal in jou mid-
de woon." En jy sal moet weet
dat Jehovah van die leërs my na
jou toe gestuur het.[l] 12 En Je-
hovah sal Juda beslis as sy
deel op die heilige grond in be-
sit neem,[m] en hy sal Jerusalem
weer uitkies.[n] 13 Bewaar die
swye voor Jehovah,[o] alle vlees,
want hy het uit sy heilige woon-
plek[p] te voorskyn gekom.[q]

3 En hy het my die hoëpries-
ter Josua[r] getoon, wat voor
die engel van Jehovah staan, en
Satan[s] wat aan sy regterhand
staan om hom teë te staan.[t]
2 Toe het die engel[u] van Je-
hovah vir Satan gesê: "Mag Je-
hovah jou bestraf,[v] o Satan, ja,
mag Jehovah jou bestraf, hy
wat Jerusalem uitkies![w] Is hier-
die een nie 'n stomp wat uit die
vuur geruk is nie?"[x]

3 En wat Josua betref, hy
was geklee in vuil klere[y] en het
voor die engel gestaan. 4 Toe
het hy geantwoord en vir dié
wat voor hom staan, gesê: "Trek
uit dié vuil klere van hom." En
hy het vir hom gesê: "Kyk, ek
het jou oortreding van jou laat
weggaan,[z] en feesklere word vir
jou aangetrek."[a]

5 Daarop het ek gesê: "Laat
hulle 'n skoon tulband op sy
kop sit."[b] En hulle het die skoon
tulband op sy kop gesit en vir
hom klere aangetrek; en die en-
gel van Jehovah het bygestaan.
6 En die engel van Jehovah het
vir Josua begin getuig en gesê:
7 "Só het Jehovah van die leërs
gesê: 'As jy in my weë wandel
en as jy die verpligting teenoor
my nakom,[a] dan sal jy my huis
oordeel[b] asook my voorhowe be-
waak; en ek sal jou beslis vrye
toegang verleen onder dié wat
hier staan.'

8 " 'Hoor asseblief, o hoë-
priester Josua, jy en jou metge-
selle wat voor jou sit, want hul-
le is manne wat as voortekens
dien;[c] want kyk, ek laat my
kneg[d] Spruit[e] kom! 9 Want
kyk! die steen[f] wat ek voor
Josua neergesit het! Op die
een steen is sewe oë.[g] Kyk, ek
graveer sy graverings',[h] is die
woord van Jehovah van die
leërs, 'en ek sal die oortreding
van dié land in een dag weg-
neem.'[i]

10 " 'In dié dag', is die woord
van Jehovah van die leërs, 'sal
julle mekaar toeroep, terwyl
julle onder die wingerdstok en
onder die vyeboom is.' "[j]

4 En die engel wat met my ge-
praat het, het teruggekom
en my wakker gemaak, soos 'n
man wat uit sy slaap wakker ge-
maak word.[k] 2 Toe het hy vir
my gesê: "Wat sien jy?"[l]

En ek het gesê: "Ek het ge-
sien, en kyk! daar is 'n lamp-
staander, heeltemal van goud,[m]
met 'n bak bo-op hom. En sy
sewe lampe is op hom, ja, sewe;[n]
en die lampe wat bo-op hom is,
het sewe pype. 3 En daar is
twee olyfbome langs hom,[o] een

**HFST. 2**
a 2Kn 24:2; Mi 4:11
b Ps 105:14; Ps 105:15; 2Te 1:6
c De 32:10
d Jes 10:32
e Jes 14:2
f Jer 28:9
g Jes 35:10
h Jes 40:9
i Le 26:12; Ps 46:5; Jes 12:6
j Ps 22:27; Jes 2:2; Sag 8:23; Mt 28:19
k Eks 12:49; Ps 82:8; Hag 2:7
l Ese 33:33
m Eks 19:5; De 32:9; Ps 135:4
n Sag 1:17
o Ps 46:10; Hab 2:20; Sef 1:7
p 2Kr 30:27; Ps 68:5; Jes 57:15
q Ps 78:65; Jes 26:21; Sef 3:8

**HFST. 3**
r Esr 5:2; Hag 1:14; Sag 6:11
s Job 1:6
t Ps 109:6; 1Pe 5:8
u Ps 34:7
v Mr 1:25; Lu 9:42; Jud 9
w 2Kr 6:6; Sag 2:12
x Jud 23
y Nu 19:7; Nu 19:21; Hag 2:14; Op 3:4
z 2Sa 12:13; 2Kr 30:18; Ps 32:1; Ps 51:9; Heb 8:12
a Eks 28:2; Eks 28:40; Jes 61:10
b Eks 29:6; Le 8:9

**Tweede kol.**
a 1Kn 2:3; Ps 119:4; Ese 44:8
b De 17:9; Mal 2:7
c Jes 8:18; Jes 20:3; Ese 12:11; Ese 24:24
d Jes 42:1; Jes 52:13; Jes 53:11
e Jes 11:1; Jes 53:2; Jer 23:5; Jer 33:15; Sag 6:12; f Ps 118:22; Jes 28:16; Mt 21:42; 1Pe 2:4; g 2Kr 16:9; Op 5:6; h Eks 28:11; Joh 6:27; i Jer 50:20; j 1Kn 4:25; Jes 36:16; Ho 2:18; Mi 4:4; **HFST. 4** k Da 8:18; l Jer 1:11; Sag 5:2; m Eks 25:31; 1Kn 7:49; Op 1:12; n Eks 25:37; Op 4:5; o Rig 9:9; Sag 4:11; Op 11:4.

aan die regterkant van die bak en een aan die linkerkant daarvan."

**4** Toe het ek geantwoord en vir die engel wat met my gepraat het, gesê: "Wat beteken hierdie dinge, my heer?"[a] **5** En die engel wat met my gepraat het, het geantwoord en vir my gesê: "Weet jy werklik nie wat hierdie dinge beteken nie?"

Daarop het ek gesê: "Nee, my heer."[b]

**6** Toe het hy geantwoord en vir my gesê: "Dit is die woord van Jehovah aan Serubba′bel, wat lui: ' "Nie deur 'n krygsmag[c] of deur krag nie,[d] maar deur my gees",[e] het Jehovah van die leërs gesê. **7** Wie is jy, o groot berg?[f] Voor Serubba′bel[g] sal jy 'n gelykte word. En hy sal beslis die hoofsteen[h] te voorskyn bring. Uitroepe[i] sal daarvoor opgaan: "Hoe bekoorlik! Hoe bekoorlik!" ' "[j]

**8** En die woord van Jehovah het verder tot my gekom en gesê: **9** "Die hande van Serubba′bel het die fondament van hierdie huis gelê,[k] en sy hande sal dit voltooi.[l] En jy sal moet weet dat Jehovah van die leërs my na julle toe gestuur het.[m] **10** Want wie het die dag van klein dinge verag?[n] En hulle sal beslis bly wees[o] en die skietlood in die hand van Serubba′bel sien. Hierdie sewe is die oë van Jehovah.[p] Hulle deurloop die hele aarde."[q]

**11** En ek het geantwoord en vir hom gesê: "Wat beteken hierdie twee olyfbome aan die regterkant van die lampstaander en aan sy linkerkant?"[r] **12** Toe het ek die tweede keer geantwoord en vir hom gesê: "Wat is die twee bondels takkies van die olyfbome wat, deur middel van die twee goue pype, die goue vloeistof uit hulle laat uitstroom?" 

**13** En hy het vir my gesê: "Weet jy werklik nie wat hierdie dinge beteken nie?"

Daarop het ek gesê: "Nee, my heer."[a]

**14** En hy het gesê: "Dit is die twee gesalfdes[b] wat langs die Here van die hele aarde staan."[c]

**5** Toe het ek my oë weer opgeslaan en gesien; en kyk! 'n vlieënde boekrol.[d] **2** En hy het vir my gesê: "Wat sien jy?"[e]

Daarop het ek gesê: "Ek sien 'n vlieënde boekrol, waarvan die lengte twintig el is en die breedte tien el."

**3** Toe het hy vir my gesê: "Dit is die vloek wat oor die oppervlak van die hele aarde uitgaan,[f] want volgens wat op hierdie kant staan, het elkeen wat steel,[g] ongestraf gebly; en volgens wat op die ander kant staan,[h] het elkeen wat 'n geswore eed aflê,[i] ongestraf gebly. **4** 'Ek het dit laat uitgaan', is die woord van Jehovah van die leërs, 'en dit moet in die huis van die dief ingaan en in die huis van hom wat in my naam valslik 'n geswore eed aflê;[j] en dit moet binne-in sy huis oornag en dit vernietig, saam met sy balke en sy klippe.' "[k]

**5** Toe het die engel wat met my gepraat het, vorentoe gekom en vir my gesê: "Slaan asseblief jou oë op en kyk wat daar te voorskyn kom."

**6** En ek het gesê: "Wat is dit?"

Daarop het hy gesê: "Dit is die efa wat te voorskyn kom." En hy het verder gesê: "Dit is hulle voorkoms op die hele aarde." **7** En kyk! die ronde lood-deksel is opgelig; en daar sit 'n sekere vrou binne-in die efa.

HFST. 4
a Da 7:16, Sag 1:9
b Ps 139:6
c Eks 14:4, Jes 43:17
d 1Sa 17:45, Ho 1:7, Mi 3:8
e Rig 6:34, Rig 15:14, Jes 63:14, Han 10:38
f Jes 40:4, Mt 21:21
g Esr 3:2, Hag 1:1
h Ps 118:22, Jes 28:16
i Esr 3:11
j Ps 45:2
k Esr 3:10, Esr 5:16
l Esr 6:14, Sag 6:12
m Sag 6:15
n Esr 3:12, Hag 2:3
o Jes 66:14
p Op 5:6
q 2Kr 16:9, Spr 15:3, Jer 16:17
r Sag 4:3, Op 11:4

Tweede kol.
a Sag 4:5
b Eks 29:7, Hag 2:4, 2Ko 1:21, Op 11:3, Op 11:4
c Jos 3:11, Jos 3:13, Jes 54:5, Mi 4:13

HFST. 5
d Jer 36:2, Ese 2:9
e Sag 4:2
f De 11:28, De 28:15, Ps 109:17, Jes 24:6, Mal 4:6
g Eks 20:15, Spr 29:24, Jer 7:9, Ho 4:2
h Ese 2:10, Op 5:1
i Le 19:12, Jes 48:1, Jer 5:2
j Eks 20:7
k Le 14:45, Spr 3:33, Jak 5:3

**8** Toe het hy gesê: “Dit is God-
deloosheid.” En hy het haar
binne-in die efa teruggegooi,[a]
waarna hy die loodgewig op die
opening daarvan gegooi het.

**9** Toe het ek my oë opge-
slaan en gesien, en kyk, twee
vroue het te voorskyn gekom,
en die wind was in hulle vlerke.
En hulle het vlerke gehad soos
die vlerke van die ooievaar. En
hulle het die efa geleidelik tus-
sen die aarde en die hemel opge-
lig. **10** Toe het ek vir die engel
wat met my gepraat het, gesê:
“Waarheen neem hulle die efa?”

**11** Daarop het hy vir my ge-
sê: “Om vir haar ’n huis in die
land Si′near[b] te bou;[c] en dit
moet stewig gevestig word, en
sy moet daar op haar regte plek
neergesit word.”

**6** Toe het ek my oë weer opge-
slaan en gesien; en kyk! vier
strydwaens het tussen twee
berge uit te voorskyn gekom,
en die berge was koperberge.
**2** Voor die eerste strydwa was
rooi perde,[d] en voor die tweede
strydwa swart perde.[e] **3** En
voor die derde strydwa was wit
perde,[f] en voor die vierde stryd-
wa gespikkelde, bont perde.[g]

**4** En ek het geantwoord en
vir die engel wat met my ge-
praat het, gesê: “Wat is dit, my
heer?”[h]

**5** Toe het die engel geant-
woord en vir my gesê: “Dit is die
vier geeste[i] van die hemel wat
uitgaan[j] nadat hulle hulle plek
voor die Here van die hele aar-
de[k] ingeneem het.[l] **6** Wat die
een betref met die swart perde
vooraan, hulle trek uit na die
land van die noorde;[m] en wat die
wittes betref, hulle sal uittrek
tot agter die see; en wat die ge-
spikkeldes betref, hulle sal uit-
trek na die land van die suide.[n]
**7** En wat die bontes[o] betref,
hulle sal uittrek en aanhou soek
waarheen om te gaan, ten ein-
de die aarde te deurkruis.”[a] Toe
het hy gesê: “Gaan, deurkruis
die aarde.” En hulle het die aar-
de begin deurkruis.

**8** En hy het na my geroep en
met my gepraat en gesê: “Kyk,
dié wat uittrek na die land van
die noorde, hulle het die gees[b]
van Jehovah in die land van die
noorde[c] laat rus.”

**9** En die woord van Jehovah
het verder tot my gekom en ge-
sê: **10** “Laat daar iets van die
ballinge geneem word,[d] ja, van
Heldai en van Tobi′a en van Je-
da′ja; en jy moet op dié dag kom,
en jy moet in die huis van Jo-
si′a, die seun van Sefan′ja,[e] in-
gaan saam met dié wat uit Babi-
lon gekom het. **11** En jy moet
silwer en goud neem en ’n luis-
terryke kroon maak[f] en dit op
die kop sit van Josua,[g] die seun
van Jo′sadak, die hoëpriester.
**12** En jy moet vir hom sê:

“‘Só het Jehovah van die
leërs gesê: “Hier is die man[h] wie
se naam Spruit[i] is. En hy sal uit
sy plek uitspruit, en hy sal be-
slis die tempel van Jehovah
bou.[j] **13** En hy sal die tem-
pel van Jehovah bou, en hy sal
die waardigheid dra;[k] en hy sal
gaan sit en op sy troon heers,
en hy sal ’n priester op sy troon
word,[l] en die raad van vrede[m]
sal tussen hulle twee wees.
**14** En die luisterryke kroon sal
behoort aan Helem en aan To-
bi′a en aan Jeda′ja[n] en aan Hen,
die seun van Sefan′ja, as ’n ge-
dagtenis[o] in die tempel van Je-
hovah. **15** En dié wat ver is,
sal kom en aan die tempel van
Jehovah bou.”[p] En julle sal moet
weet dat Jehovah van die leërs
my na julle toe gestuur het.[q] En
dit sal plaasvind—as julle vir
seker na die stem van Jehovah
julle God luister.’ ”[r]

**HFST. 5**
a Ge 15:16, Mt 23:32, 1Te 2:16
b Ge 10:10, Ge 11:2, Jes 11:11, Da 1:2
c Jer 29:5, Jer 29:28

**HFST. 6**
d Sag 1:8
e Sag 6:6
f Sag 1:8
g Sag 6:7
h Sag 1:9
i Ps 104:4
j Heb 1:14
k Mi 4:13, Sag 4:14
l 2Kr 18:18, Job 1:6, Da 7:10, Lu 1:19
m Jes 14:31, Jes 43:6, Jer 1:14, Jer 25:9
n Da 11:5
o Sag 6:3

**Tweede kol.**
a Job 1:7, Job 2:2
b Rig 8:3, Pr 10:4
c Jer 51:48
d Esr 1:11, Esr 7:16, Esr 8:30, Han 24:17
e Sag 6:14
f Eks 28:36
g Hag 1:1, Hag 2:4, Sag 3:5
h Jes 9:6, Jes 32:1, Da 7:13, Sag 13:7, Mr 15:39, Joh 19:5
i Jes 11:1, Sag 3:8, Lu 1:32
j Sag 8:9, Mt 16:18, Ef 2:20, Heb 3:6
k Ps 21:5, Ps 45:3, Jes 22:24, Heb 5:5
l Ps 110:4, Heb 3:1, Heb 4:14, Heb 6:20, Heb 8:1
m Jes 9:6, Kol 1:20
n Sag 6:10
o Eks 28:12, Jos 4:7
p Jes 56:6, Jes 60:10
q Sag 4:9
r Jer 7:23

**7** Verder het die woord van Je-
hovah in die vierde jaar van
koning Dari′us[a] tot Sagari′a ge-
kom, op die vierde dag van die
negende maand, dit wil sê in
Kislef.[b] **2** En Bet-El het Sare′-
ser en Regem-Meleg en sy man-
ne gestuur om die aangesig van
Jehovah te versag[c] **3** en met
die priesters[d] te praat wat tot
die huis van Jehovah van die
leërs behoort het, en met die
profete, en te sê: “Sal ek in die
vyfde[e] maand huil en onthou-
ding beoefen, soos ek nou al wie
weet hoeveel jaar gedoen het?”[f]

**4** En die woord van Jehovah
van die leërs het verder tot my
gekom en gesê: **5** “Sê vir die
hele volk van die land en vir die
priesters: ‘Toe julle gevas het[g]
en daar in die vyfde maand en in
die sewende[h] maand ’n gewee-
klaag was, en dít sewentig jaar
lank,[i] het julle werklik vir my
gevas, ja, vir my?[j] **6** En toe
julle geëet en toe julle gedrink
het, was dit nie julle wat ge-
eet en julle wat gedrink het nie?
**7** Moet julle nie die woorde ge-
hoorsaam[k] wat Jehovah deur
middel van die vroeëre profete
uitgeroep het nie,[l] terwyl Jeru-
salem nog bewoon en gerus was,
met sy stede rondom hom, en
terwyl die Negeb[m] en die Sjefe′-
la[n] nog bewoon was?’ ”

**8** En die woord van Jehovah
het verder tot Sagari′a gekom
en gesê: **9** “Só het Jeho-
vah van die leërs gesê: ‘Lewer
julle regspraak met ware ge-
regtigheid;[o] en bewys liefdery-
ke goedhartigheid[p] en barmhar-
tighede[q] aan mekaar; **10** en
verkul geen weduwee[r] of va-
derlose seun,[s] geen inwonen-
de vreemdeling[t] of geteister-
de nie,[u] en beplan geen kwaad
teen mekaar in julle hart nie.’[v]
**11** Maar hulle het bly weier
om aandag te skenk,[w] en hulle
het voortdurend ’n wederstre-
wige skouer gebied,[a] en hulle
ore het hulle te ongevoelig ge-
maak om te hoor.[b] **12** En hul-
le hart[c] het hulle soos ’n ama-
rilsteen gemaak, om nie die wet
en die woorde te gehoorsaam[d]
wat Jehovah van die leërs deur
sy gees,[e] deur middel van die
vroeëre profete, gestuur het
nie;[f] sodat daar groot veront-
waardiging by Jehovah van die
leërs ontstaan het.”[g]

**13** “ ‘En soos hy geroep en
hulle nie geluister het nie,[h] so
sal hulle roep en ek nie luister
nie’,[i] het Jehovah van die leërs
gesê. **14** ‘En ek het hulle soos
deur ’n storm weggeslinger on-
der al die nasies[j] wat hulle nie
geken het nie;[k] en die land is ag-
ter hulle woes gelaat, sonder dat
iemand daar deurtrek en sonder
dat iemand terugkeer;[l] en hulle
het die begeerlike land[m] ’n voor-
werp van verbasing gemaak.’ ”

**8** En die woord van Jehovah
van die leërs het bly kom en
gesê: **2** “Só het Jehovah van
die leërs[n] gesê: ‘Ek sal jaloers
wees ten opsigte van Sion met
groot jaloesie,[o] en met groot
woede[p] sal ek jaloers wees ten
opsigte van hom.’ ”

**3** “Só het Jehovah gesê: ‘Ek
sal na Sion terugkeer[q] en in
Jerusalem woon;[r] en Jerusalem
sal beslis die stad van waarag-
tigheid genoem word,[s] en die
berg van Jehovah[t] van die leërs,
die heilige berg.’ ”[u]

**4** “Só het Jehovah van die
leërs gesê: ‘Daar sal weer ou
manne en ou vroue op die open-
bare pleine van Jerusalem sit,[v]
elkeen ook met sy staf[w] in sy
hand weens die oorvloed van sy

**HFST. 7**
a Esr 6:14; Sag 1:1
b Jer 36:22
c Eks 32:11; 1Sa 13:12; 1Kn 13:6; Jer 26:19
d De 17:9; Ese 44:15; Ho 4:6; Mal 2:7
e 2Kn 25:8; Jer 52:12
f Jes 22:12; Sag 7:5
g Jes 58:6
h Jer 41:1; Jer 41:2
i Jer 25:11; Sag 1:12
j Jes 58:4; Mt 6:16; Kol 2:23
k Jes 55:3; Jer 36:2
l 2Kr 36:15; Jer 7:25; Jer 44:4
m Jer 17:26
n 1Kr 27:28
o Spr 21:3; Jer 7:5; Jer 21:12
p Spr 16:6; Spr 19:22; Ho 10:12; Mi 6:8
q Jak 2:13
r De 27:19; Jes 1:17
s Eks 22:22; De 24:17; Spr 23:10; Jak 1:27
t Eks 23:9; De 24:14; Mal 3:5
u Ps 72:4; Spr 22:22
v Ps 36:4; Spr 6:18; Sag 8:17; Mr 7:21
w 2Kn 17:14; 2Kr 33:10; Spr 1:24; Jer 6:10

**Tweede kol.**
a Ne 9:29
b Jes 6:10; Jer 25:7; Sag 1:4
c Ese 3:7
d Jes 44:18; Mt 13:15
e 2Pe 1:21
f Ne 9:30; Han 7:51
g 2Kr 36:16; Jer 21:5
h Spr 1:24; Jes 50:2
i Spr 21:13; Jes 1:15; Klg 3:44
j Le 26:33; De 28:64
k De 28:33; Jer 5:15
l Le 26:22; 2Kr 36:21
m De 8:7; De 11:12; **HFST. 8** n Ps 103:21; o Jl 2:18; p Jes 63:5; Na 1:2; q Sag 1:16; Mal 3:7; r Jes 12:6; Jl 3:17; Sag 8:8; s Jes 1:26; Jer 33:16; t Jes 2:2; Jes 60:14; u Ps 48:1; Jes 11:9; Jes 66:20; Jer 31:23; v Jes 65:20; Jer 30:10; w Nu 21:18; Heb 11:21.

dae. **5** En die openbare pleine
van die stad sal vol seuns en
meisies wees wat op sy openba-
re pleine speel.’ ”[a]
**6** “Só het Jehovah van die
leërs gesê: ‘Al sou dit in die oë
van die oorblywendes van hier-
die volk in dié dae te moeilik
lyk, sou dit dan ook in my oë te
moeilik lyk?’[b] is die woord van
Jehovah van die leërs.”
**7** “Só het Jehovah van die
leërs gesê: ‘Kyk, ek red my volk
uit die land van die sonsopgang
en uit die land van die sonson-
dergang.[c] **8** En ek sal hulle be-
slis bring, en hulle sal in Jerusa-
lem woon;[d] en hulle sal my volk
word,[e] en ek sal hulle God word
in waaragtigheid en in regver-
digheid.’ ”[f]
**9** “Só het Jehovah van die
leërs gesê: ‘Laat julle hande
sterk wees,[g] julle wat in hier-
die dae hierdie woorde uit die
mond van die profete hoor,[h] op
die dag waarop die fondament
van die huis van Jehovah van
die leërs gelê is, sodat die tem-
pel gebou kan word.[i] **10** Want
voor dié dae is geen loon vir die
mense moontlik gemaak nie;[j] en
daar was geen loon vir die mak
diere nie; en vir die een wat uit-
gaan en vir die een wat inkom,
was daar weens die teenstander
geen vrede nie,[k] aangesien ek al
die mense teen mekaar bly dryf
het.’[l]
**11** “ ‘En nou sal ek vir die
oorblywendes van hierdie volk
nie wees soos in die vroeëre
dae nie’,[m] is die woord van Je-
hovah van die leërs. **12** ‘Want
die saad van vrede sal daar
wees;[n] die wingerdstok sal sy
vrug gee,[o] en die aarde sal sy op-
brengs lewer,[p] en die hemel sal
sy dou gee;[q] en ek sal die oor-
blywendes[r] van hierdie volk be-
slis al hierdie dinge laat beërf.[s]
**13** En net soos julle ’n vloek on-
der die nasies geword het,[a] o
huis van Juda en huis van Is-
rael,[b] so sal ek julle red, en
julle sal ’n seën word.[c] Moenie
bang wees nie.[d] Laat julle han-
de sterk wees.’[e]
**14** “Want só het Jehovah van
die leërs gesê: ‘ “Soos ek in ge-
dagte gehad het om te doen wat
vir julle rampspoedig was om-
dat julle voorvaders my veront-
waardig laat word het”,[f] het Je-
hovah van die leërs gesê, “en ek
glad nie spyt gevoel het nie,[g]
**15** so sal ek in hierdie dae weer
in gedagte hê om goed te doen
aan Jerusalem en aan die huis
van Juda.[h] Moenie bang wees
nie.” ’[i]
**16** “ ‘Dít is die dinge wat jul-
le moet doen:[j] Praat die waar-
heid met mekaar.[k] Lewer julle
regspraak met waarheid en
met die oordeel van vrede in jul-
le poorte.[l] **17** En julle moenie
rampspoed teen mekaar in jul-
le hart beraam nie,[m] en moenie
’n valse eed liefhê nie;[n] want al
hierdie dinge het ek gehaat’,[o] is
die woord van Jehovah.”
**18** En die woord van Jeho-
vah van die leërs het verder
tot my gekom en gesê: **19** “Só
het Jehovah van die leërs ge-
sê: ‘Die vas van die vierde[p]
maand en die vas van die vyfde[q]
maand en die vas van die sewen-
de[r] maand en die vas van die
tiende[s] maand sal vir die huis
van Juda ’n verheuging en blyd-
skap en goeie feestye word.[t]
Daarom moet julle waarheid en
vrede liefhê.’[u]
**20** “Só het Jehovah van die
leërs gesê: ‘Volke en die in-
woners van baie stede sal nog
kom;[v] **21** en die inwoners van

**p** Jer 52:6; **q** Jer 52:12; Sag 7:5; **r** 2Kn 25:25; **s** Jer 52:4; **t** Ps 30:11; Jes 35:10; Jer 31:12; **u** Ps 119:165; **v** Ps 22:27; Jes 2:2; Jes 11:10; Ho 1:10; Mt 8:11.

**HFST. 8**
**a** Jer 30:19, Jer 31:4, Jer 31:27, Sag 2:4, Mt 11:16
**b** Job 42:2, Jer 32:27, Mr 10:27, Lu 18:27
**c** Ps 107:3
**d** Jer 3:17, Jl 3:20, Am 9:14
**e** Le 26:12, Jer 30:22, Ese 11:20, Op 21:3
**f** Jer 4:2, Op 21:7
**g** 1Kr 22:13, Jes 35:4, Hag 2:4
**h** Esr 5:1
**i** Esr 6:14
**j** Hag 1:6
**k** Rig 5:6, 2Kr 15:5
**l** Jes 19:2, Am 9:4
**m** Ps 103:9, Jes 12:1, Hag 2:19
**n** Ps 67:6, Ps 72:3, Jes 30:23, Jak 3:18
**o** Spr 3:10
**p** Le 26:4, De 28:4
**q** De 33:13, Ho 14:5
**r** Mi 4:6
**s** Jes 35:10, Jes 61:7

**Tweede kol.**
**a** De 28:37, Jer 42:18
**b** 2Kn 17:18
**c** Ge 22:18, Jes 19:24
**d** Jes 41:10
**e** Jes 35:4
**f** Jer 31:28, Jer 32:31, Mal 3:7
**g** Jer 4:28, Jer 20:16, Ese 24:14
**h** Jer 29:11, Jer 32:42, Mi 4:10
**i** Jes 43:1, Sef 3:16
**j** De 10:12, Mi 6:8
**k** Le 19:11, Spr 12:19, Jer 9:5, Ef 4:15, Ef 4:25
**l** Jes 11:4, Am 5:15, Sag 7:9
**m** Spr 3:29, Jer 4:14, Sag 7:10, Mt 15:19
**n** Jer 4:2, Sag 5:4
**o** Spr 6:16, Spr 8:13

een stad sal beslis na dié van ’n
ander gaan en sê: “Laat ons in
alle erns gaan[a] om die aangesig
van Jehovah te versag[b] en om
Jehovah van die leërs te soek.
Ek sal ook gaan.”[c] **22** En baie
volke en magtige nasies sal kom
om Jehovah van die leërs in Je-
rusalem te soek[d] en om die aan-
gesig van Jehovah te versag.’
**23** “Só het Jehovah van die
leërs gesê: ‘In dié dae sal tien
man uit al die tale van die na-
sies[e] die slip van ’n Joodse man[f]
vasgryp,[g] ja, hulle sal dit vas-
gryp en sê: “Ons sal saam met
julle gaan,[h] want ons het ge-
hoor dat God met julle is.” ’ ”[i]

**9** ’n Uitspraak:[j]
“Die woord van Jehovah is
teen die land Hadrag, en in
Damaskus[k] rus dit; want Jeho-
vah hou die oog op die mens[l]
en op al die stamme van Israel.
**2** En ook Hamat[m] sal daaraan
grens; Tirus[n] en Sidon,[o] want hy
is baie wys.[p] **3** En Tirus het
vir hom ’n skans gebou en sil-
wer soos stof opgehoop en goud
soos die modder van die strate.[q]
**4** Kyk! Jehovah sal hom uit sy
besitting verdryf, en in die see
sal Hy beslis sy krygsmag neer-
werp;[r] en met vuur sal hy ver-
teer word.[s] **5** As′kelon sal dit
sien en bang word; en wat Gasa
betref, ook hy sal uiters hewige
pyne ervaar; ook Ekron,[t] omdat
die hoop waarna hy uitgesien
het,[u] beskaam sal moet word.
En ’n koning sal beslis uit Gasa
vergaan, en As′kelon sal nie be-
woon word nie.[v] **6** En ’n buite-
egtelike[w] seun sal hom in Asdod
vestig,[x] en ek sal beslis ’n einde
maak aan die trots van die Fili-
styn.[y] **7** En ek sal sy bloedbe-
vlekte dinge uit sy mond verwy-
der en sy walglike dinge tussen
sy tande uit,[z] en ook hy sal be-
slis vir ons God oorbly; en hy
sal soos ’n sjeik[a] in Juda word,[b]
en Ekron soos die Jebusiet.[c]
**8** En ek sal kamp opslaan as ’n
voorpos vir my huis,[d] sodat nie-
mand sal deurtrek en niemand
sal terugkeer nie; en ’n taakge-
wer sal nie meer deur hulle trek
nie,[e] want nou het ek dit met
my oë gesien.[f]
**9** “Wees baie bly, o dogter
van Sion.[g] Roep triomfantlik
uit,[h] o dogter van Jerusalem.
Kyk! Jou koning[i] kom na jou
toe.[j] Hy is regverdig, ja, ge-
red;[k] nederig,[l] en hy ry op ’n
esel, ja, op ’n volgroeide dier,
die hingsvul van ’n eselin.[m]
**10** En ek sal beslis die strydwa
uit E′fraim en die perd uit Je-
rusalem uitroei.[n] En die stryd-
boog[o] sal vernietig word. En hy
sal woorde van vrede vir die na-
sies spreek;[p] en sy heerskappy
sal van see tot see en van die Ri-
vier tot aan die eindes van die
aarde wees.[q]
**11** “Ook jy, o vrou, deur die
bloed van jou verbond[r] sal ek
jou gevangenes[s] uitstuur uit die
put waarin geen water is nie.
**12** “Keer terug na die ves-
ting,[t] o gevangenes wat hoop
het.[u]
“Ook vertel ek jou vandag:
‘Ek sal jou, o vrou, met ’n dubbe-
le deel vergoed.[v] **13** Want ek
sal Juda as my boog trap. Die
boog sal ek met E′fraim vul, en
ek sal jou seuns,[w] o Sion, opwek
teen jou seuns, o Griekeland,[x]
en ek sal jou soos die swaard
van ’n sterk man maak.’[y]
**14** En oor hulle sal Jehovah ge-
sien word,[z] en sy pyl sal beslis
soos weerlig uitskiet.[a] En die
Soewereine Heer Jehovah sal op
die horing blaas,[b] en hy sal be-

**HFST. 8**

**a** Ps 122:1
**b** Sag 7:2
**c** Jer 50:4
**d** Jes 55:5; Jes 60:3; Mi 4:2; Hag 2:7; Ga 3:8
**e** Op 7:9; Op 14:6
**f** Ro 2:29; Ga 3:29
**g** Mt 25:40
**h** Eks 12:38; Nu 10:29; Rut 1:16; Han 13:47
**i** De 4:7; Jes 45:14; 1Ko 14:25

**HFST. 9**

**j** Jes 13:1
**k** Jer 49:27; Am 1:3
**l** 2Kr 16:9; Heb 4:13; 1Pe 3:12
**m** Jer 49:23; Am 6:14
**n** Jes 23:1; Jl 3:4; Am 1:9
**o** Ese 28:21
**p** Ese 28:3
**q** Ese 27:33
**r** Ese 26:17; Ese 27:26
**s** Ese 28:18
**t** Jos 13:3; 1Sa 5:10
**u** Jes 20:5
**v** Sef 2:4
**w** De 23:2; Heb 12:8
**x** Pr 2:18; Am 1:8
**y** Jes 2:17; Da 4:37
**z** Ps 58:6; Am 3:12

**Tweede kol.**

**a** Ge 36:40
**b** Jes 60:14
**c** 2Sa 5:6; 1Kn 9:20; 1Kr 11:4; 1Kr 21:28
**d** Ps 125:2
**e** Jes 54:14
**f** Eks 3:7; 2Sa 16:12
**g** Jes 12:6
**h** Jes 44:23; Sef 3:14
**i** Ps 2:6; Jes 32:1; Jer 23:5; Lu 19:38; Joh 1:49
**j** Joh 12:15
**k** Joh 16:33
**l** Mt 11:29; Mt 21:5
**m** 1Kn 1:33; Mt 21:7
**n** Spr 21:31
**o** Sag 10:4

**p** Jes 9:7; Ef 2:14; **q** Eks 23:31; Ps 2:8; Ps 72:8; **r** Jer 31:31; Mt 26:28; Heb 12:24; Heb 13:20; 1Pe 1:19; **s** Jes 49:9; **t** 2Sa 5:7; Jer 31:6; **u** Jes 61:1; Jer 31:17; **v** Job 42:10; Jes 61:7; **w** Mt 13:38; **x** Da 8:21; Jl 3:6; **y** Ps 149:6; Jes 41:15; **z** Eks 14:24; **a** Ps 18:14; **b** Jos 6:5; Jes 18:3.

slis met die windstorms van die suide trek.[a] **15** Jehovah van die leërs sal hulle verdedig, en hulle sal die slingerklippe verslind[b] en onderwerp. En hulle sal beslis drink[c]—uitbundig wees—asof daar wyn was; en hulle sal gevul word soos die bak, soos die hoeke van die altaar.[d]

**16** “En Jehovah hulle God sal hulle beslis in dié dag red[e] soos die kudde van sy volk;[f] want hulle sal soos die stene van ’n kroon wees wat glinster oor sy land.[g] **17** Want hoe groot is sy goedheid tog,[h] en hoe groot is sy skoonheid![i] Graan sal die jong manne laat floreer, en nuwe wyn die maagde.”[j]

**10** “Rig julle versoeke om reën[k] in die tyd van die lentereën[l] tot Jehovah, ja, tot Jehovah wat die onweerswolke maak[m] en wat aan hulle ’n stortreën gee,[n] aan elkeen plante in die veld.[o] **2** Want die terafim[p] het iets bonatuurliks gespreek; en wat die waarsêers betref, hulle het leuens in ’n visioen gesien,[q] en waardelose drome bly hulle verkondig, en tevergeefs probeer hulle vertroos.[r] Daarom sal hulle beslis soos ’n kudde wegtrek;[s] hulle sal geteister word, omdat daar geen herder is nie.[t]

**3** “Teen die herders het my toorn ontvlam,[u] en van die bokagtige leiers[v] sal ek rekenskap eis;[w] want Jehovah van die leërs het sy aandag op sy kudde, die huis van Juda, gerig[x] en hulle soos sy statige perd[y] in die geveg gemaak. **4** Uit hom kom die sleutelfiguur,[z] uit hom kom die ondersteunende heerser,[a] uit hom kom die strydboog;[b] uit hom kom elke taakgewer[c] voort, almal saam. **5** En hulle sal soos sterk manne[d] word wat in die geveg die modder van die strate vertrap.[a] En hulle sal in die geveg gewikkel raak, want Jehovah is met hulle;[b] en die perderuiters sal beskaamd moet staan.[c] **6** En ek sal die huis van Juda verhef, en die huis van Josef sal ek red.[d] En ek sal vir hulle ’n woonplek gee, want ek sal aan hulle barmhartigheid bewys;[e] en hulle sal word soos dié wat ek nie verstoot het nie;[f] want ek is Jehovah hulle God, en ek sal hulle antwoord.[g] **7** En E′fraim sal soos ’n sterk man word,[h] en hulle hart sal vrolik wees soos van wyn.[i] En hulle kinders sal dit sien en hulle beslis verbly;[j] hulle hart sal bly wees in Jehovah.[k]

**8** “‘Ek sal vir hulle fluit[l] en hulle bymekaarmaak; want ek sal hulle beslis loskoop,[m] en hulle sal baie word, net soos dié wat baie geword het.[n] **9** En ek sal hulle soos saad onder die volke verstrooi,[o] en in die verafgeleë plekke sal hulle aan my dink;[p] en hulle sal saam met hulle kinders herlewe en terugkeer.[q] **10** En ek sal hulle uit Egipteland terugbring;[r] en uit Assi′rië sal ek hulle bymekaarmaak;[s] en na die land Gi′lead[t] en die Li′banon sal ek hulle bring, en geen ruimte sal vir hulle gevind word nie.[u] **11** En hy sal met benoudheid deur die see trek;[v] en in die see sal hy die golwe neerslaan,[w] en al die dieptes van die Nyl sal opdroog.[x] En die trots van Assi′rië sal neergewerp word,[y] en die septer[z] van Egipte sal wyk.[a] **12** En ek sal hulle verhef in Jehovah,[b] en in sy naam sal hulle wandel’,[c] is die woord van Jehovah.”

**HFST. 9**

a Jes 21:1; Jes 66:15
b Mi 5:9; Sag 10:5; Sag 12:6
c Jes 55:1
d Eks 27:2; Le 4:7
e Ese 34:22; Ese 37:23
f Ps 100:3; Mi 5:4; Sag 11:7; Lu 12:32
g Jes 62:3; Sef 3:20
h Ps 25:8; Ps 31:19; Jes 63:7
i Ps 50:2; Ps 90:17
j Jes 62:8; Jl 3:18; Am 9:13

**HFST. 10**

k Jer 14:22; Jak 5:18
l De 11:14; Jl 2:23
m Jer 51:16
n Ese 34:26; Jak 5:7
o Ps 104:14
p 1Sa 15:23
q Jer 27:9; Jer 29:21
r Jer 8:11
s Jer 50:17
t Nu 27:17; Ese 34:5
u Jes 56:11; Jer 10:21; Ese 34:10
v Ese 34:16; Ese 34:17
w Mr 12:40
x Lu 1:68
y Spr 21:31
z Jes 19:13; Hag 2:23
a Ge 49:10; Esr 9:8
b Ge 49:24; Jes 49:2
c Jes 60:17
d Jl 2:7

**Tweede kol.**

a Ps 18:42; Mi 7:10
b De 20:1; Jes 41:13
c Ps 20:7; Ps 33:16; Hag 2:22
d Jer 3:18; Ese 37:16; Ho 1:10
e Jer 31:20
f Jer 30:18
g Jer 33:3
h Jer 31:9; Ese 37:19
i Ps 104:15; Sag 9:15
j Ps 90:16; Jer 32:39

**k** Jes 66:14; Sef 3:14; **l** Esr 1:1; **m** Jes 44:22; Jes 51:11; 1Ti 2:6; **n** 1Kn 4:20; Jer 33:22; **o** Jer 31:27; Ho 2:23; Mi 5:7; Han 8:4; **p** 1Kn 8:47; Jer 51:50; **q** Jes 65:23; Han 2:39; **r** Jes 11:11; **s** Jer 50:19; Ro 11:25; **t** Mi 7:14; **u** Jes 49:20; Jes 54:2; **v** Ps 66:12; **w** Jes 11:15; **x** Jes 19:6; **y** Jes 14:25; Mi 5:5; **z** Jes 19:1; **a** Ese 30:13; **b** Jes 41:10; Jes 45:24; **c** Spr 18:10; Mi 4:5.

**11** “Maak jou deure oop,
o Li′banon,[a] sodat ’n
vuur jou seders kan verteer.[b]
**2** Weeklaag, o jenewerboom,
want die seder het geval; want
die majestueuse bome is ver-
woes![c] Weeklaag, o groot bo-
me van Basan, want die on-
deurdringbare woud het geval![d]
**3** Luister! Die geweeklaag van
herders,[e] want hulle majesteit
is verwoes.[f] Luister! Die gebrul
van jong maanhaarleeus, want
die trotse ruigtes langs die Jor-
daan is verwoes.[g]
**4** “Só het Jehovah my God
gesê: ‘Pas die kudde wat bestem
is om doodgemaak te word,[h]
as herder op— **5** hulle kopers
maak hulle dood,[i] hoewel hulle
nie skuldig geag word nie.[j] En
hulle verkopers[k] sê: “Mag Jeho-
vah geloof word, terwyl ek ryk-
dom sal verwerf.”[l] En hulle her-
ders betoon geen medelye met
hulle nie.’[m]
**6** “ ‘Want ek sal geen mede-
lye meer met die inwoners van
die land betoon nie’,[n] is die
woord van Jehovah. ‘Daarom,
kyk, ek lewer die mense oor,
elkeen in die hand van sy met-
gesel[o] en in die hand van sy ko-
ning;[p] en hulle sal die land be-
slis verpletter, en ek sal nie uit
hulle hand verlos nie.’ ”[q]
**7** En ek het die kudde wat
bestem was om doodgemaak te
word,[r] as herder begin oppas,[s]
ten behoewe van julle, o geteis-
terdes van die kudde.[t] Toe het
ek vir my twee stawwe[u] ge-
neem. Die een het ek Lieflik-
heid[v] genoem en die ander het
ek Saambinding[w] genoem, en
ek het die kudde as herder be-
gin oppas. **8** En ek het uitein-
delik drie herders in een maan-
maand verwyder,[x] aangesien
my siel geleidelik ongeduldig
geraak het met hulle,[y] en ook
het hulle siel ’n weersin in my
gehad. **9** Eindelik het ek ge-
sê: “Ek sal julle nie meer as her-
der oppas nie.[a] Laat die een wat
sterf, sterf. En laat die een wat
uitgewis word, uitgewis word.[b]
En wat dié betref wat oor-
bly, laat hulle elkeen die vlees
van sy metgesel verslind.”[c]
**10** Toe het ek my staf Lieflik-
heid[d] geneem en dit stukkend
gekap,[e] om my verbond te ver-
breek wat ek met al die vol-
ke gesluit het.[f] **11** En dit is op
dié dag verbreek, en die geteis-
terdes van die kudde[g] wat op
my ag gegee het,[h] het só te wete
gekom dat dit die woord van Je-
hovah was.
**12** Toe het ek vir hulle gesê:
“As dit goed is in julle oë,[i] gee
my my loon; maar so nie, laat
dit dan staan.” En hulle het
my loon betaal: dertig silwer-
stukke.[j]
**13** Daarop het Jehovah vir
my gesê: “Gooi dit in die skat-
kamer[k]—die grootse waarde
waarmee ek vanuit hulle stand-
punt gewaardeer is.”[l] En ek het
die dertig silwerstukke geneem
en dit in die skatkamer in die
huis van Jehovah gegooi.[m]
**14** Toe het ek my tweede
staf, die Saambinding,[n] stuk-
kend gekap, om die broeder-
skap[o] tussen Juda en Israel te
verbreek.[p]
**15** En Jehovah het vir my ge-
sê: “Neem weer vir jou die ge-
reedskap van ’n nikswerd her-
der.[q] **16** Want kyk, ek laat ’n
herder in die land opstaan.[r] Aan
die skape wat uitgewis word,
sal hy geen aandag skenk nie.[s]
Die jonge sal hy nie soek nie en
die gebroke skaap sal hy nie ge-
nees nie.[t] Die een wat nog reg-
op staan, sal hy nie van voed-

**HFST. 11**
a Jer 22:23
b Jer 22:7
c Jes 10:33; Ese 31:3
d Jes 2:13; Jes 32:19
e Ese 34:10; Jl 1:13
f Jer 2:30
g Jer 49:19; Jer 50:44
h Ese 34:8
i Jer 23:1; Ese 22:25; Ese 34:2; Mi 3:2
j Jer 2:3
k 2Kn 4:1; Ne 5:8
l Ho 12:8
m Ese 34:4
n Ese 8:18
o Ese 38:21; Mi 7:2; Hag 2:22; Sag 11:9; Sag 14:13
p Mt 22:7
q Ps 50:22; Heb 10:27
r Sag 11:4; Sag 13:8
s Ps 23:1; Ps 80:1; Ps 95:7; Jes 40:11
t Sef 3:12; Sag 11:11
u 1Sa 17:40; Ps 23:4
v Ps 133:1; Sag 11:10
w Ese 37:19; Sag 11:14
x Ho 5:7
y De 32:19

**Tweede kol.**
a Jer 23:33; Sag 10:2
b Jer 15:2
c Jer 19:9; Ese 5:10
d Ps 90:17; Sag 11:7
e Mt 23:38
f Jer 14:21; Ese 16:59
g Jes 14:32; Sef 3:12
h Jes 8:17; Lu 2:25
i 1Kn 21:2
j Mt 26:15; Mt 27:9
k Mt 27:5
l Eks 21:32; Mr 14:11
m Mt 27:6; Han 1:18
n Sag 11:7
o Jes 11:13; Ese 37:16
p 1Kn 12:20; Jes 9:21
q Ese 34:2; Mt 15:14
r 1Pe 5:3

s Jer 23:2; Ese 34:6; Mt 9:36; t Ese 34:21.

sel voorsien nie, en die vleis van die vette sal hy eet,[a] en die hoewe van die skape sal hy afruk.[b] **17** Wee my nikswerd herder,[c] wat die kudde verlaat![d] 'n Swaard sal oor sy arm en oor sy regteroog wees. Sy arm sal vir seker verdor,[e] en sy regteroog sal vir seker verdof."

**12** 'n Uitspraak: "Die woord van Jehovah oor Israel", sê Jehovah, die Een wat die hemel uitspan[f] en die fondament van die aarde lê[g] en die gees[h] van die mens in sy binneste vorm. **2** "Kyk, ek maak Jerusalem[i] 'n bak wat al die volke rondom laat waggel;[j] en ook teen Juda sal hy wees tydens die beleëring, ja, teen Jerusalem.[k] **3** En in dié dag[l] sal ek Jerusalem 'n swaar klip[m] vir al die volke maak. Almal wat dit optel, sal vir seker ernstige skrape opdoen; en al die nasies van die aarde sal beslis daarteen versamel word.[n] **4** In dié dag",[o] is die woord van Jehovah, "sal ek al die perde[p] met verwarring slaan en hulle ruiters met waansin;[q] en oor die huis van Juda sal ek my oë oopmaak,[r] en al die perde van die volke sal ek met blindheid slaan. **5** En die sjeiks[s] van Juda sal in hulle hart moet sê: 'Die inwoners van Jerusalem is vir my 'n sterkte deur Jehovah van die leërs, hulle God.'[t] **6** In dié dag sal ek die sjeiks van Juda maak soos 'n vuurpot tussen die bome[u] en soos 'n vuurfakkel in 'n ry pas gesnyde graan,[v] en hulle sal aan die regterkant en aan die linkerkant al die volke rondom verslind;[w] en Jerusalem sal nog bewoon word op sy plek, in Jerusalem.[x]

**7** "En Jehovah sal beslis die tente van Juda eerste red, sodat die prag van die huis van Dawid en die prag van die inwoners van Jerusalem nie te groot word in vergelyking met Juda nie. **8** In dié dag sal Jehovah 'n verdediging rondom die inwoners van Jerusalem wees;[a] en die een onder hulle wat struikel, sal in dié dag soos Dawid[b] word, en die huis van Dawid soos God,[c] soos Jehovah se engel voor hulle.[d] **9** En in dié dag sal ek daarna soek om al die nasies te verdelg wat teen Jerusalem kom.[e]

**10** "En ek sal oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem die gees van guns[f] en dringende versoeke[g] uitstort, en hulle sal beslis die Een aanskou wat hulle deurboor het,[h] en hulle sal beslis oor Hom weeklaag soos daar oor 'n enigste seun geweeklaag word; en daar sal 'n bittere rouklag oor hom wees soos wanneer daar 'n bittere rouklag oor die eersgebore seun is.[i] **11** In dié dag sal die geweeklaag in Jerusalem groot wees, soos die geweeklaag van Hadad-Rimmon in die valleivlakte van Megid'do.[j] **12** En die land sal beslis weeklaag,[k] elke familie afsonderlik; die familie van die huis van Dawid afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik;[l] die familie van die huis van Natan[m] afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; **13** die familie van die huis van Levi[n] afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; die familie van die Simeïete[o] afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; **14** al die families wat oorbly, elke familie afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik.[p]

**HFST. 11**

a Ge 31:38; Ese 34:3
b Ese 34:10
c Jer 23:1; Ese 13:2; Mt 23:13
d Joh 10:12
e 1Kn 13:4; Ese 30:22

**HFST. 12**

f Job 26:7; Ps 104:2; Jes 42:5; Jes 44:24
g Ps 102:25; Ps 136:6; Jes 45:18; Jes 48:13
h Job 34:14; Ps 146:4; Pr 12:7; Han 17:25
i Heb 12:22
j Ps 75:8; Sag 14:13
k Sag 14:14
l Sef 3:19
m Da 2:34; Da 2:45; Mt 21:44
n Ps 2:2; Ese 38:9; Mi 4:11; Sag 14:2; Op 16:14
o Jes 24:21
p Spr 21:31
q De 28:28; Ps 76:6
r 1Kn 8:29; 2Kr 7:15; Jes 37:17
s Sag 9:7
t Ps 46:1; Jes 41:10; Jl 3:16; Sag 12:8
u Jes 10:17; Ob 18
v Jes 41:15; Jes 62:1
w Mi 4:13; Sag 9:15
x Jer 31:38; Sag 2:4; Sag 12:10

**Tweede kol.**

a Jer 23:6; Jl 3:16; Sag 2:5; Sag 9:15
b Ese 34:24
c Ps 45:6; Jes 9:6; Ho 3:5
d Eks 14:19; Eks 23:20
e Jes 54:17; Hag 2:22; Op 16:14
f Jes 32:15; Jes 44:3; Jl 2:28; Han 3:19
g 2Kr 6:21; Ps 28:2; Jer 31:9
**h** Joh 19:34; Joh 19:37; Joh 20:27; Op 1:7; **i** Jer 6:26; Am 8:10; **j** 2Kn 23:29; 2Kr 35:22; **k** Jer 3:21; Lu 23:48; **l** Mr 15:40; Lu 23:49; **m** 2Sa 5:14; Lu 3:31; **n** Eks 6:16; **o** Eks 6:17; 1Kn 1:8; 1Kr 23:10; **p** Mr 15:41.

**13** “In dié dag[a] sal daar vir
die huis van Dawid en vir
die inwoners van Jerusalem ’n
geopende put[b] wees vir sonde[c]
en vir iets afskuweliks.[d]
**2** “En in dié dag”, is die
woord van Jehovah van die
leërs, “sal ek die name van die
afgode uit die land uitroei,[e] en
aan hulle sal nie meer gedink
word nie; en ook die profete[f]
en die gees van onreinheid sal
ek uit die land laat verdwyn.[g]
**3** En as ’n man nog sou profe-
teer, dan sal sy vader en sy moe-
der, hulle wat sy geboorte ver-
oorsaak het, vir hom sê: ‘Jy sal
nie lewe nie, want jy het leuens
in die naam van Jehovah ge-
spreek.’ En sy vader en sy moe-
der, hulle wat sy geboorte ver-
oorsaak het, sal hom deurboor
omdat hy profeteer.[h]
**4** “En in dié dag sal elkeen
van die profete hom skaam[i] vir
sy visioen wanneer hy profe-
teer; en hulle sal nie ’n harige[j]
ampskleed dra met die doel om
te bedrieg nie. **5** En hy sal be-
slis sê: ‘Ek is geen profeet nie.
Ek is ’n man wat die grond be-
werk, want iemand het my in
my jeug bekom.’ **6** En iemand
sal vir hom sê: ‘Wat is hierdie
wonde aan jou tussen jou han-
de?’ En hy sal moet sê: ‘Dit is
hoe ek geslaan is in die huis van
dié wat my intens liefhet.’ ”
**7** “O swaard, ontwaak teen
my herder,[k] ja, teen die man
wat my metgesel is”,[l] is die
woord van Jehovah van die
leërs. “Slaan die herder,[m] en
laat die skape van die kudde
verstrooi word;[n] en ek sal beslis
my hand laat terugkeer oor dié
wat onbeduidend is.”[o]
**8** “En in die hele land”, is die
woord van Jehovah, “sal twee
dele daarin uitgeroei word en
sterf;[p] en wat die derde deel
betref, dit sal daarin oorbly.[a]
**9** En ek sal beslis die derde deel
deur die vuur bring;[b] en ek sal
hulle louter soos silwer gelou-
ter word[c] en hulle toets soos
goud getoets word.[d] Dit sal my
naam aanroep, en ek sal dit ant-
woord.[e] Ek sal sê: ‘Dit is my
volk’,[f] en dit sal dan sê: ‘Jeho-
vah is my God.’ ”[g]

**14** “Kyk! Daar kom ’n dag
wat aan Jehovah be-
hoort,[h] en wat van jou buitge-
maak is, sal beslis in jou verdeel
word. **2** En ek sal beslis al die
nasies teen Jerusalem vir die
oorlog versamel;[i] en die stad sal
ingeneem[j] en die huise geplun-
der word, en die vroue sal ver-
krag word.[k] En die helfte van
die stad sal in ballingskap gaan;[l]
maar wat die oorblywendes van
die volk betref,[m] hulle sal nie
uit die stad uitgeroei word nie.[n]
**3** “En Jehovah sal beslis uit-
trek en teen dié nasies oorlog
voer[o] soos op die dag dat hy
oorlog voer, op die dag van die
stryd.[p] **4** En sy voete sal in
dié dag op die berg van die olyf-
bome staan, wat voor Jerusalem
lê, aan die oostekant;[q] en die
berg van die olyfbome[r] sal mid-
deldeur skeur,[s] van die sonsop-
gang af en na die weste toe.
Daar sal ’n baie groot vallei
wees; en die helfte van die berg
sal na die noorde beweeg word
en die helfte daarvan na die
suide. **5** En julle sal beslis na
die vallei van my berge vlug;[t]
want die vallei van die ber-
ge sal tot by Asel strek. En jul-
le sal moet vlug, soos julle ge-
vlug het weens die aardbewing
in die dae van Ussi′a, die koning
van Juda.[u] En Jehovah my God

**HFST. 13**
a Sag 12:3
b Ps 51:7
c Jes 1:6; Ese 36:25; Joh 1:29; Han 2:38; Han 2:41
d 2Kr 29:5; Klg 1:8; Ese 36:17; Ese 36:29
e Eks 23:13; De 12:3; Jes 2:18; Ese 36:25; Sef 1:4
f De 13:5; Jer 8:10; Jer 23:14; Ese 14:9
g 2Ko 7:1
h De 13:6; De 13:9; De 18:20; Mt 10:37
i Jer 2:26; Mi 3:7
j 2Kn 1:8; Mt 3:4
k Ese 34:23; Mi 5:4; Mt 26:55; Joh 10:11; Heb 13:20; 1Pe 5:4
l Spr 8:30; Joh 1:1; Joh 16:28; Joh 17:5
m Jes 53:8; Da 9:26; Mr 14:27; Han 3:18; Op 13:8
n Mt 26:31; Mr 14:50; Joh 16:32
o Jes 1:25; Mt 11:25; 1Ko 1:27
p Mt 13:41; Lu 12:46

**Tweede kol.**
a Jl 2:32; Mt 24:22; Ro 9:27
b Jes 43:2
c Ps 66:10; Jes 48:10; Mal 3:2
d Mal 3:3; 1Pe 1:7
e Jes 58:9
f Jer 30:22; Ro 9:25
g Ps 144:15; Op 21:7

**HFST. 14**
h Jes 2:12; Jl 2:31; 2Pe 3:10
i Jl 3:2; Op 16:14
j Lu 21:20
k De 28:30; Klg 5:11
l Lu 21:24

**m** Jes 65:8; Mt 21:43; Mt 24:22; **n** Jes 65:18; Heb 12:22; Op 21:2; **o** Jes 66:16; Ese 38:23; Jl 3:14; Op 16:14; **p** Eks 15:3; 2Kr 20:15; **q** Ese 11:23; Han 1:12; **r** Lu 19:29; **s** Mi 1:4; **t** Lu 21:21; **u** Am 1:1.

sal beslis kom[a] en al die heiliges
saam met hom.[b]
6 "En in dié dag sal daar geen
kosbare lig wees nie[c]—dinge sal
gestol wees.[d] 7 En dit sal één
dag word waarvan dit bekend
is dat dit aan Jehovah behoort.[e]
Dit sal nie dag of nag wees
nie;[f] en teen die aand sal dit
lig word.[g] 8 En in dié dag sal
lewende waters[h] uit Jerusalem
uitgaan,[i] die helfte daarvan na
die oostelike see[j] en die helfte
daarvan na die westelike see.[k]
In die somer en in die win-
ter sal dit gebeur.[l] 9 En Jeho-
vah sal koning oor die hele aar-
de word.[m] In dié dag sal Jehovah
een wees,[n] en sy naam een.[o]
10 "Die hele land sal ver-
ander word soos die A′raba,[p]
van Geba[q] af tot by Rimmon,[r]
suid van Jerusalem; en hy sal
oprys en op sy plek bewoon
word,[s] van die Benjaminspoort[t]
af tot by die plek van die Eer-
ste Poort, tot by die Hoekpoort,
en van die Hana′neltoring[u] af
tot by die parskuipe van die ko-
ning. 11 En mense sal beslis
daarin woon; en daar sal geen
ban tot vernietiging meer wees
nie,[v] en Jerusalem sal in veilig-
heid bewoon word.[w]
12 "En dít sal die plaag wees
waarmee Jehovah al die volke
sal teister wat krygsdiens teen
Jerusalem sal doen:[x] Hulle vlees
sal verrot, terwyl hulle op hul-
le voete staan;[y] en hulle oë sal
in hulle holtes verrot, en hulle
tong sal in hulle mond verrot.
13 "En in dié dag sal verwar-
ring wat van Jehovah kom, oral
onder hulle versprei;[z] en hulle
sal elkeen die hand van sy met-
gesel gryp, en sy hand sal teen
die hand van sy metgesel kom.
14 En ook Juda sal by Jerusa-
lem oorlog voer; en die rykdom
van al die nasies rondom sal be-
slis versamel word, goud en sil-
wer en klere in buitengewone
oorvloed.[a]
15 "En soos hierdie plaag is,
so sal die plaag wees van die
perde, die muile, die kamele en
die esels en al die soorte mak
diere wat in daardie kampe is.
16 "En wat almal betref wat
oorbly uit al die nasies wat teen
Jerusalem kom,[b] hulle moet
ook jaar na jaar optrek[c] om hul-
le voor die Koning, Jehovah van
die leërs,[d] neer te buig[e] en om
die huttefees[f] te vier. 17 En
wie uit die families[g] van die
aarde nie na Jerusalem opkom[h]
om hulle voor die Koning, Jeho-
vah van die leërs, neer te buig
nie, oor hulle sal geen stortreën
kom nie.[i] 18 En as die familie
van Egipte nie optrek en nie in-
kom nie, sal daar ook oor hul-
le geen reën kom nie. Die plaag
sal kom waarmee Jehovah die
nasies teister wat nie optrek
om die huttefees te vier nie.
19 Dit sal die straf wees vir die
sonde van Egipte en die sonde
van al die nasies wat nie optrek
om die huttefees te vier nie.[j]
20 "In dié dag sal daar op die
klokkies van die perde staan:[k]
'Heiligheid behoort aan Jeho-
vah!'[l] En die wyebekkookpotte[m]
in die huis van Jehovah moet
soos die bakke[n] voor die al-
taar word.[o] 21 En elke wye-
bekkookpot in Jerusalem en in
Juda moet iets heiligs word wat
aan Jehovah van die leërs be-
hoort, en almal wat offeran-
des bring, moet inkom en daar-
van neem en daarin kook.[p] En
in dié dag sal daar geen Kanaä-
niet[q] meer in die huis van Jeho-
vah van die leërs wees nie."[r]

HFST. 14
a Ps 96:13; Ps 98:9; Jud 14
b De 33:2; Ps 149:9; Jl 3:11
c Jes 13:10; Am 5:18
d Eks 15:8; Job 38:22
e Ps 118:24; 1Te 5:2; 2Te 2:2
f Ps 97:11; Spr 4:18; Op 21:25
g Jes 30:26
h Joh 4:10; Op 21:6; Op 22:17
i Jer 17:13; Ese 47:1; Jl 3:18; Op 22:1
j De 3:17; Ese 47:8
k Jos 1:4; Jl 2:20
l Jes 49:10
m Ps 97:1; Op 19:6
n De 6:4; Mal 2:10; Ga 3:20
o Jes 42:8; Jes 44:6
p De 1:7
q 1Kn 15:22
r 1Kr 4:32
s Jer 30:18
t Jer 37:13; Ese 48:32
u Ne 3:1; Jer 31:38
v Jes 60:18; Jer 31:40
w Jer 23:6; Jer 33:16
x 2Kn 19:35; Ps 110:5; Jl 3:2; Mi 4:11; Op 16:14
y Han 12:23
z Rig 7:22; Ese 38:21; Sag 11:6

Tweede kol.
a 2Kr 14:13; 2Kr 20:25; Sag 2:9
b Jes 66:19; Han 15:17
c 1Sa 1:7; Jes 66:23
d Ps 24:8; Ps 103:21
e Ps 86:9; Jes 27:13; Jer 48:15; Ro 15:11
f Le 23:34; Ne 8:14; Joh 7:2
g Ge 10:32; Jer 10:25; Am 3:2
h Jes 45:23; Jes 60:12

i De 11:17; 1Kn 8:35; Jes 5:6; j Kol 2:17; Heb 10:1; k Mal 1:11; l Eks 28:36; Eks 39:30; Jes 35:8; m 1Sa 2:14; n Eks 25:29; Eks 37:16; Nu 4:7; o 2Kr 29:22; p De 16:7; 1Sa 2:13; Ese 46:23; q Jes 35:8; Ese 44:9; Op 21:27; r 1Ti 3:15.

# MALEAGI

**1** ’n Uitspraak:
Die woord van Jehovah[a] oor
Israel deur middel van Malea′gi:
**2** “Ek het julle liefgehad”,[b]
het Jehovah gesê.
En julle het gesê: “In watter
opsig het u ons liefgehad?”[c]
“Was Esau nie die broer van
Jakob nie?”[d] is die woord van Je-
hovah. “Maar ek het Jakob lief-
gehad,[e] **3** en Esau[f] het ek ge-
haat; en ek het uiteindelik sy
berge ’n verlate woesteny ge-
maak[g] en sy erfdeel vir die jak-
kalse van die wildernis gegee.”[h]
**4** “Omdat Edom bly sê: ‘Ons
is verpletter, maar ons sal te-
rugkeer en die verwoeste plek-
ke opbou’, het Jehovah van die
leërs só gesê: ‘Húlle sal bou;
maar ék sal afbreek.[i] En mense
sal hulle beslis “die gebied van
goddeloosheid” noem en “die
volk wat tot onbepaalde tyd
deur Jehovah veroordeel is”.[j]
**5** En julle oë sal dit sien, en jul-
le sal sê: “Mag Jehovah groot ge-
maak word oor die gebied van
Israel.” ’ ”[k]
**6** “ ‘ ’n Seun eer ’n vader,[l] en
’n kneg sy grootse heer.[m] As
ek dan ’n vader is,[n] waar is my
eer?[o] En as ek ’n Grootse Heer
is, waar is die vrees[p] vir my?’
het Jehovah van die leërs vir
julle gesê, o priesters wat my
naam verag.[q]
“ ‘En julle het gesê: “In watter
opsig het ons u naam verag?” ’
**7** “ ‘Deur op my altaar ver-
ontreinigde brood aan te bied.’[r]
“ ‘En julle het gesê: “In watter
opsig het ons u verontreinig?” ’
“ ‘Deurdat julle sê: “Die ta-
fel[s] van Jehovah is iets verag-
teliks.”[t] **8** En wanneer julle ’n
blinde dier aanbied om geoffer
te word: “Dit is niks slegs nie.”
En wanneer julle ’n kreupel of
’n siek dier aanbied: “Dit is niks
slegs nie.” ’ ”[a]
“Bring dit asseblief na jou
goewerneur toe. Sal hy behae in
jou hê of sal hy jou vriendelik
ontvang?” het Jehovah van die
leërs gesê.
**9** “Versag dan nou asseblief
die aangesig[b] van God, sodat hy
aan ons guns kan betoon.[c] Deur
julle hand het dit gebeur. Sal
hy enigeen van julle vriendelik
ontvang?” het Jehovah van die
leërs gesê.
**10** “Wie is daar ook onder jul-
le wat die deure sal sluit?[d] En
julle sal nie my altaar aansteek
nie—nie verniet nie.[e] Ek het
geen behae in julle nie”, het Je-
hovah van die leërs gesê, “en in
die offergawe uit julle hand het
ek geen welgevalle nie.”[f]
**11** “Want van die opgang van
die son af, ja, tot sy ondergang
sal my naam groot wees on-
der die nasies,[g] en op elke plek
sal offerrook[h] gebring word, sal
’n gawe vir my naam aangebied
word, ja, ’n rein gawe;[i] want
my naam sal groot wees onder
die nasies”,[j] het Jehovah van die
leërs gesê.
**12** “Maar julle ontheilig[k] my
deurdat julle sê: ‘Die tafel van
Jehovah is iets onreins, en die
vrugte, die voedsel daarvan, is
iets veragteliks.’[l] **13** En julle
het gesê: ‘Kyk! Wat ’n vermoeie-
nis!’[m] en julle het julle neus
daarvoor opgetrek”, het Jeho-
vah van die leërs gesê. “En julle
het iets gebring wat weggeruk
is, en die kreupele en die siekes;[n]
ja, julle het dit as ’n gawe ge-
bring. Kan ek dit met welgeval-

**HFST. 1**
a 2Pe 1:21
b De 7:6; De 10:15; Jes 41:8; Ro 11:28
c Jes 49:14
d Ge 25:25
e Ro 9:13
f Ge 25:34; Ge 27:41; Heb 12:16
g Jes 34:10; Jer 49:20; Ese 25:13; Ese 35:3; Jl 3:19; Ob 10
h Jes 34:13
i Job 12:14; Ps 127:1
j Ps 137:7; Jes 34:5; Ob 18
k Ps 35:27
l Eks 20:12; Mt 15:4; Mr 10:19; Ef 6:2
m 1Ti 6:1; Tit 2:9
n Eks 4:22
o Jes 1:2; Mt 6:9
p Spr 8:13; 1Pe 2:17
q Jer 5:31; Jer 23:11; Ese 22:26; Ho 4:6
r Le 21:6
s Ese 41:22; 1Ko 10:21
t 1Sa 2:17

**Tweede kol.**
a Le 22:20; De 15:21
b Eks 32:11; Jer 26:19; Jl 1:13; Jl 1:14
c Jl 2:17
d 2Kr 23:4
e Jer 6:13; Mi 3:11
f Jes 1:11; Jer 6:20; Jer 14:12; Am 5:21
g Ps 113:3; Jes 45:6; Jes 59:19; Sag 14:16
h Ps 66:15; Ro 12:1; Heb 13:15
i Jes 66:20; Joh 4:23
j Ps 22:27; Sef 3:9; Mt 28:19; Op 15:4
k Ese 22:26
l Mal 1:7

**m** Jes 43:22; Mi 6:3; **n** De 15:21; De 17:1.

le uit julle hand aanneem?”[a] het
Jehovah gesê.
14 “En vervloek is hy wat lis-
tig optree wanneer daar ’n man-
like dier in sy kudde is en hy
’n gelofte doen en ’n gebreklike
dier aan Jehovah offer.[b] Want
ek is ’n groot Koning”,[c] het Je-
hovah van die leërs gesê, “en my
naam sal vreesinboesemend on-
der die nasies wees.”[d]

2 “En hierdie gebod is nou
vir julle, o priesters.[e] 2 As
julle nie luister nie,[f] en as jul-
le dit nie ter harte neem[g] om
aan my naam eer te gee nie”,[h]
het Jehovah van die leërs gesê,
“dan sal ek beslis die vloek oor
julle stuur,[i] en ek sal julle seë-
ninge vervloek.[j] Ja, ek het selfs
die seën vervloek, omdat julle
dit nie ter harte neem nie.”
3 “Kyk! Weens julle bestraf
ek die gesaaide saad,[k] en ek sal
mis op julle gesig strooi, die mis
van julle feeste; en iemand sal
julle daarheen wegdra. 4 En
julle sal moet weet dat ek vir
julle hierdie gebod gestuur het,[l]
sodat my verbond[m] met Levi
kan voortbestaan”,[n] het Jeho-
vah van die leërs gesê.
5 “My verbond was met hom,
een van lewe en van vrede,[o] en
ek het dié voortdurend aan hom
gegee, met vrees. En hy het my
bly vrees;[p] ja, weens my naam
was hy met verskrikking ver-
vul.[q] 6 Die wet van waarheid
was in sy mond,[r] en geen on-
regverdigheid is op sy lippe
gevind nie. In vrede en in reg-
skapenheid het hy met my ge-
wandel,[s] en baie mense het hy
van oortreding teruggebring.[t]
7 Want die lippe van ’n pries-
ter moet kennis bewaar, en uit
sy mond moet mense die wet
soek;[u] want hy is die boodskap-
per van Jehovah van die leërs.[v]
8 “Maar julle—julle het van
die weg afgewyk.[w] Julle het
baie in die wet laat struikel.[a]
Julle het die verbond van Levi
te gronde gerig”,[b] het Jehovah
van die leërs gesê. 9 “En wat
my betref, ek sal julle beslis ook
veragtelik en gering by die hele
volk maak,[c] na die mate waarin
julle my weë nie gehou het nie,
maar partydigheid ten opsigte
van die wet getoon het.”[d]
10 “Het ons nie almal een va-
der nie?[e] Het een God ons nie
geskep nie?[f] Waarom handel
ons dan verraderlik met me-
kaar,[g] deur die verbond van
ons voorvaders te ontheilig?[h]
11 Juda het verraderlik gehan-
del, en iets verfoeiliks is in Is-
rael en in Jerusalem gepleeg;[i]
want Juda het die heiligheid
van Jehovah, wat Hy liefgehad
het, ontheilig,[j] en hy het die
dogter van ’n vreemde god as
bruid in besit geneem.[k] 12 Je-
hovah sal elkeen wat dit doen,
die een wat wakker is en die
een wat antwoord, uit die ten-
te van Jakob uitroei,[l] asook die
een wat ’n offergawe vir Jeho-
vah van die leërs aanbied.”[m]
13 “En dit is die tweede ding
wat julle doen, waardeur die al-
taar van Jehovah met trane be-
dek word, met gehuil en gesug,
sodat daar nie meer aan die of-
fergawe aandag geskenk of
enigiets uit julle hand met wel-
gevalle aangeneem word nie.[n]
14 En julle het gesê: ‘Waar-
om?’[o] Omdat Jehovah getuie is
tussen jou en die vrou van jou
jeug,[p] met wie jy verraderlik ge-
handel het, hoewel sy jou met-
gesel en die vrou van jou ver-
bond is.[q] 15 En daar was een
wat dit nie gedoen het nie, aan-
gesien hy gehad het wat oor-
gebly het van die gees. En wat
het hy gesoek? Die saad van

**HFST. 1**
a Le 22:20; Jes 1:13; Mal 2:13
b Han 5:3
c Ps 47:2; Jer 10:10; Da 9:4
d Ps 76:12; Op 15:4

**HFST. 2**
e Klg 4:13; Ho 5:1; Mal 1:6
f Le 26:14; Jes 30:9
g Ps 81:11; Jes 42:25; Jes 57:11
h Jer 13:16
i De 28:15
j Ho 4:7; Hag 1:11
k Ho 8:7; Jl 1:17
l Jer 28:9; Ese 33:33
m Eks 40:15
n Nu 3:6; Nu 18:23; Ese 44:15
o Ps 119:165
p Ps 19:9; Ps 111:10
q Ps 111:9
r 2Kr 17:9; Ese 44:24
s Eks 32:26
t Jak 5:20
u Le 10:11; De 24:8; 2Kr 15:3; Ne 8:8
v Hag 1:13
w Jes 1:4; Jes 30:9; Heb 3:12

**Tweede kol.**
a Jer 18:15; Lu 11:52
b Ne 13:29
c 1Sa 2:30; Mi 3:7
d Le 19:15; De 1:17; De 16:19; Jak 2:9
e 1Ko 8:6; Ef 4:6
f Ge 2:7; Ps 100:3; Han 17:25
g Ne 5:8; Mi 7:2
h Jos 23:16
i Jer 7:10
j Le 20:26
k De 7:3; Rig 3:6; 1Kn 11:1; Ne 13:23
l Nu 15:31
m 1Sa 15:22; Am 5:22
n Spr 21:27; Jes 1:11
o Jer 8:12
p Spr 5:18; Pr 9:9; q Spr 2:17; Mt 19:5.

God.[a] En julle moet op julle-
self let met betrekking tot julle
gees,[b] en met die vrou van jou
jeug mag geeneen van julle ver-
raderlik handel nie.[c] **16** Want
hy het egskeiding gehaat”,[d] het
Jehovah, die God van Israel, ge-
sê, “en die een wat sy kleed met
geweld bedek het”,[e] het Jeho-
vah van die leërs gesê. “En julle
moet op julleself let met betrek-
king tot julle gees, en julle mag
nie verraderlik handel nie.[f]

**17** “Julle het Jehovah ver-
moei met julle woorde,[g] en jul-
le het gesê: ‘In watter opsig het
ons hom vermoei?’ Deurdat jul-
le sê: ‘Elkeen wat kwaad doen,
is goed in die oë van Jehovah,
en in sulke mense het hy ’n be-
hae’;[h] of: ‘Waar is die God van
geregtigheid?’ ”[i]

**3** “Kyk! Ek stuur my bood-
skapper,[j] en hy moet ’n weg
voor my uit baan.[k] En skielik
sal die ware Heer,[l] na wie julle
soek, na Sy tempel kom,[m] en die
boodskapper[n] van die verbond,[o]
in wie julle behae het.[p] Kyk! Hy
sal beslis kom”, het Jehovah van
die leërs gesê.[q]

**2** “Maar wie sal die dag van
sy koms verdra,[r] en wie sal
standhou wanneer hy ver-
skyn?[s] Want hy sal soos die
vuur van ’n louteraar[t] wees en
soos die loog[u] van die wassers.[v]
**3** En hy sal sit as ’n louteraar
en reiniger van silwer[w] en sal
die seuns van Levi reinig;[x] en
hy sal hulle suiwer soos goud[y]
en soos silwer, en hulle sal be-
slis vir Jehovah mense word wat
’n offergawe in regverdigheid
aanbied.[z] **4** En die offergawe
van Juda en van Jerusalem sal
vir Jehovah aangenaam wees,[a]
soos in die dae van lank gelede
en soos in die jare van die oud-
heid.[b]

**5** “En ek sal nader kom na
julle toe vir die oordeel,[c] en
ek sal ’n haastige getuie word[a]
teen die towenaars[b] en teen
die egbrekers[c] en teen dié wat
vals sweer[d] en teen dié wat
bedrieglik handel met die loon
van ’n loonarbeider,[e] met die
weduwee[f] en met die vaderlose
seun,[g] en dié wat die inwonende
vreemdeling wegwys,[h] terwyl
hulle my nie gevrees het nie”,[i]
het Jehovah van die leërs gesê.

**6** “Want ek is Jehovah; ek
het nie verander nie.[j] En julle
is kinders van Jakob; julle het
nie aan julle einde gekom nie.[k]
**7** Van die dae van julle voorva-
ders af het julle van my voor-
skrifte afgewyk en dit nie on-
derhou nie.[l] Keer terug tot my,
en ek sal tot julle terugkeer”,[m]
het Jehovah van die leërs gesê.

En julle het gesê: “In watter
opsig sal ons terugkeer?”

**8** “Sal ’n mens God beroof?
Maar julle beroof my.”

En julle het gesê: “In watter
opsig het ons u beroof?”

“In die tiendes en in die by-
draes. **9** Met die vloek ver-
vloek julle[n] my, en julle
—die hele nasie—beroof my.
**10** Bring al die tiendes[o] in
die voorraadkamer, sodat daar
voedsel in my huis kan wees;[p]
en stel my asseblief hierin op
die proef”,[q] het Jehovah van die
leërs gesê, “of ek nie vir julle
die sluise van die hemel sal oop-
maak[r] en op julle ’n seën sal uit-
stort totdat daar geen gebrek
meer is nie.”[s]

**11** “En ek sal die een wat ver-
slind,[t] vir julle bestraf, en hy
sal nie die vrug van die grond
vir julle verwoes nie, en ook sal
die wingerdstok op die land nie

**HFST. 2**

a Ge 3:15, Han 3:25, Ga 3:16
b Spr 25:28
c De 22:13
d Ge 2:24, Mt 5:32, Mt 19:8, Mr 10:9
e Ps 11:5, Jes 59:6
f Jer 5:11, Ho 5:7, Mal 2:10
g Jes 1:15, Jes 7:13, Jes 43:24, Jer 15:6
h Spr 30:12, Ese 18:29
i De 32:4, Ps 37:28, Jes 58:2

**HFST. 3**

j Mt 11:10, Lu 1:76, Joh 1:6
k Mt 3:3, Mr 1:3, Joh 1:23, Joh 3:28, Han 13:24, Han 19:4
l Ps 11:4, Jes 6:1, Op 11:19
m Mt 21:12
n Jes 63:9, Mt 15:24, Lu 1:69
o Eks 2:24, Lu 1:72
p Joh 12:19
q Jes 44:26
r Am 5:18
s Mt 24:13, Lu 21:36
t Da 11:35, Da 12:10, 1Ko 3:13
u Jer 2:22
v Jes 1:25
w Ps 66:10, Spr 25:4, Sag 13:9
x Jer 33:18, Op 1:6
y 1Pe 1:7
z Ps 69:31, Heb 13:15, 1Pe 2:5
a Mal 1:11
b 2Kr 7:1, Jer 2:2
c Heb 10:30

**Tweede kol.**

a Mi 1:2, Op 22:12
b Op 21:8
c Jer 29:23
d Eks 20:7
e Ps 62:10, Spr 14:31, Jak 5:4
f De 24:17, Lu 20:47
g Jes 1:17, Jak 1:27

h Eks 23:9; Sag 7:10; i Spr 8:13; j Jes 43:10; Jes 46:4; Jak 1:17; k Ps 105:8; Klg 3:22; Ro 11:29; l De 9:7; Ne 9:26; Han 7:51; m De 4:30; Jer 3:12; Sag 1:3; Jak 4:8; n Le 24:15; Jes 8:21; o Le 27:30; De 14:28; p 2Kr 31:11; Ne 12:44; Ne 13:10; q 2Ko 9:8; r De 28:12; 2Kn 7:19; s Le 26:10; 2Kr 31:10; Spr 3:10; Spr 10:22; t Jl 1:4; Am 4:9; Am 7:1.

vir julle sonder vrug wees nie”,[a]
het Jehovah van die leërs gesê.
**12** “En al die nasies sal jul-
le gelukkig moet noem,[b] want
julle sal ’n land van welbehae
word”,[c] het Jehovah van die
leërs gesê.
**13** “Julle woorde teen my
was kras”,[d] het Jehovah gesê.
En julle het gesê: “Wat het
ons onder mekaar teen u ge-
spreek?”[e]
**14** “Julle het gesê: ‘Dit is nut-
teloos om God te dien.[f] En wat-
ter nut het dit dat ons die ver-
pligting teenoor hom nagekom
het, en dat ons weens Jehovah
van die leërs terneergedruk
rondgeloop het?[g] **15** En nou
noem ons vermeteles gelukkig.[h]
Ook is dié wat goddeloosheid
bedryf, opgebou.[i] Ook het hulle
God op die proef gestel, en hul-
le bly vrykom.’ ”[j]
**16** Toe het dié wat Jehovah
vrees,[k] met mekaar gepraat,
elkeen met sy metgesel, en Je-
hovah het aandag bly skenk en
geluister.[l] En ’n gedenkboek is
voor hom geskryf[m] vir dié wat
Jehovah vrees en vir dié wat
aan sy naam dink.[n]
**17** “En hulle sal beslis myne
word”,[o] het Jehovah van die
leërs gesê, “op die dag dat ek ’n
spesiale eiendom voortbring.[p]
En ek sal medelye met hulle be-
toon, soos ’n man medelye met
sy seun betoon wat hom dien.[q]
**18** En julle sal beslis weer die
onderskeid sien tussen ’n reg-
verdige en ’n goddelose,[a] tussen
iemand wat God dien en iemand
wat hom nie gedien het nie.”[b]

**4** “Want kyk! die dag kom wat
soos die oond brand,[c] en al
die vermeteles en almal wat
goddeloosheid bedryf, sal soos
stoppels word.[d] En die dag wat
kom, sal hulle beslis verslind”,
het Jehovah van die leërs gesê,
“sodat dit vir hulle geen wortel
of tak sal oorlaat nie.[e] **2** En
vir julle wat my naam vrees, sal
die son van regverdigheid beslis
skyn,[f] met genesing in sy vleu-
els;[g] en julle sal uitgaan en die
grond soos vetgemaakte kal-
wers omwoel.”[h]
**3** “En julle sal beslis die god-
deloses vertrap, want hulle sal
soos poeier onder julle voetsole
word op die dag waarop ek op-
tree”,[i] het Jehovah van die leërs
gesê.
**4** “DINK AAN die wet van my
kneg Moses wat ek hom in Ho-
reb aangaande die hele Israel
beveel het, ja, voorskrifte en
regterlike beslissings.[j]
**5** “Kyk! Ek stuur vir julle die
profeet Eli′a[k] voordat die groot
en vreesinboesemende dag van
Jehovah kom.[l] **6** En hy sal die
hart van vaders terugbring tot
kinders, en die hart van kinders
tot vaders; sodat ek nie kom en
die aarde tref deur dit aan ver-
nietiging oor te gee nie.”[m]

**HFST. 3**
**a** De 11:14; Jl 2:24; Sag 8:12
**b** Ps 72:17; Jes 61:9
**c** Jes 62:4
**d** Jes 5:19; Jes 28:14
**e** Job 40:8; Mal 1:6
**f** Job 21:15; Ps 73:13; Jes 58:3; Sef 1:12
**g** Sag 7:5; Jak 4:9
**h** Ps 10:3; Ps 49:18
**i** Jer 12:1
**j** Pr 8:11
**k** Ge 22:12; Ps 66:16; Han 9:31; Op 15:4
**l** Mt 18:19
**m** Ps 56:8; Ps 69:28; Ps 139:16
**n** Ps 20:7; Jes 26:8
**o** Jer 31:33; Joh 17:9
**p** Jes 62:3; 1Pe 2:9
**q** Ps 103:13

**Tweede kol.**
**a** Ps 58:11; Ro 2:6
**b** Da 12:3; Mt 13:43

**HFST. 4**
**c** Ps 21:9; Sef 2:2; Mt 13:42; 2Te 1:8; 2Pe 3:7
**d** Eks 15:7; Jes 5:24; Ob 18; Mt 3:12
**e** Ho 9:16; Am 2:9
**f** Jes 30:26; Lu 1:78; Ef 5:14
**g** Ps 147:3; Jer 30:17; Jer 33:6
**h** Jes 49:9
**i** Ge 3:15; Mi 7:10; Sag 10:5; Ro 16:20; **j** De 4:5; Ps 119:4; Ps 147:19; **k** Jes 40:3; Mt 11:14; Mr 9:11; **l** Jl 2:31; Han 2:20; 2Pe 3:10; **m** De 29:20; Sag 14:11; Lu 1:17.

(Einde van die vertaling van die Hebreeus-Aramese Geskrifte,
gevolg deur dié van die Christelike Griekse Geskrifte)

VOLGENS

# MATTEUS

**1** Die boek van die geskiedenis[a] van Jesus Christus, die seun van Dawid,[b] die seun van Abraham:[c]

**2** Abraham het die vader geword van Isak;[d]
Isak het die vader geword van Jakob;[e]
Jakob het die vader geword van Juda[f] en sy broers;
**3** Juda het die vader geword van Peres[g] en van Serag by Tamar;
Peres het die vader geword van Hesron;[h]
Hesron het die vader geword van Ram;[i]
**4** Ram het die vader geword van Ammina′dab;
Ammina′dab het die vader geword van Nagson;[j]
Nagson het die vader geword van Salmon;[k]
**5** Salmon het die vader geword van Boas by Ragab;[l]
Boas het die vader geword van Obed by Rut;[m]
Obed het die vader geword van Isai;[n]
**6** Isai het die vader geword van Dawid,[o] die koning.[p]
Dawid het die vader geword van Salomo[q] by die vrou van Uri′a;
**7** Salomo het die vader geword van Reha′beam;[r]
Reha′beam het die vader geword van Abi′a;
Abi′a[s] het die vader geword van Asa;[t]
**8** Asa het die vader geword van Jo′safat;[u]
Jo′safat het die vader geword van Joram;[v]
Joram het die vader geword van Ussi′a;

**HFST. 1**
a Ge 5:1
b 1Kr 17:11 Mt 9:27 Lu 1:32
c Ge 22:18
d Ge 21:3 1Kr 1:28 Lu 3:34
e Ge 25:26 1Kr 1:34
f Ge 29:35
g Ge 38:29 1Kr 2:4
h Rut 4:18 Lu 3:33
i 1Kr 2:9
j Nu 2:3 Rut 4:20 1Kr 2:10 Lu 3:32
k 1Kr 2:11
l Jos 2:1
m Rut 4:13
n 1Kr 2:12
o Rut 4:17 1Kr 2:15
p 2Sa 5:4
q 2Sa 12:24 1Kr 3:5 Lu 3:31
r 1Kn 11:43
s 1Kr 3:10
t 2Kr 14:1
u 1Kn 15:24
v 1Kr 3:11 2Kr 21:1

**Tweede kol.**
a 2Kn 15:32
b 2Kn 15:38
c 2Kn 18:1 1Kr 3:13
d 2Kn 20:21
e 2Kn 21:18
f 2Kr 33:20
g 2Kn 21:24 1Kr 3:14
h 2Kn 23:34
i 1Kr 3:15 1Kr 3:16 Jer 28:4
j 2Kn 24:15 2Kr 36:10 Jer 27:20 Jer 29:2
k 1Kr 3:17 Lu 3:27
l 1Kr 3:19 Esr 3:2 Ne 12:1 Lu 3:27
m Mt 13:55 Mr 6:3
n Mt 27:17

**9** Ussi′a het die vader geword van Jotam;
Jotam[a] het die vader geword van Agas;[b]
Agas het die vader geword van Hiski′a;[c]
**10** Hiski′a het die vader geword van Manas′se;[d]
Manas′se[e] het die vader geword van Amon;[f]
Amon[g] het die vader geword van Josi′a;
**11** Josi′a[h] het die vader geword van Jegon′ja[i] en sy broers in die tyd van die wegvoering na Babilon.[j]
**12** Ná die wegvoering na Babilon het Jegon′ja die vader geword van Seal′tiël;[k]
Seal′tiël het die vader geword van Serubba′bel;[l]
**13** Serubba′bel het die vader geword van Abi′ud;
Abi′ud het die vader geword van El′jakim;
El′jakim het die vader geword van Asor;
**14** Asor het die vader geword van Sadok;
Sadok het die vader geword van Agim;
Agim het die vader geword van Eli′ud;
**15** Eli′ud het die vader geword van Elea′sar;
Elea′sar het die vader geword van Mattan;
Mattan het die vader geword van Jakob;
**16** Jakob het die vader geword van Josef, die man van Maria, uit wie Jesus gebore is,[m] wat Christus[n] genoem word.

**17** Al die geslagte van Abraham tot Dawid was dan veer-

tien geslagte, en van Dawid
tot die wegvoering na Babilon
veertien geslagte, en van die
wegvoering na Babilon tot die
Christus veertien geslagte.

**18** Maar die geboorte van Je-
sus Christus was só. Geduren-
de die tyd dat sy moeder Maria
aan Josef in die huwelik beloof
was,[a] is daar bevind dat sy deur
heilige gees[b] swanger was voor-
dat hulle verenig is. **19** Haar
man Josef was egter van plan
om in die geheim van haar
te skei,[c] omdat hy regverdig
was en nie in die openbaar
skande oor haar wou bring nie.[d]
**20** Maar nadat hy hierdie dinge
oordink het, kyk! toe het Jeho-
vah se engel in ’n droom aan
hom verskyn en gesê: “Josef,
seun van Dawid, moenie bang
wees om jou vrou Maria huis
toe te neem nie, want wat in
haar verwek is, is deur heilige
gees.[e] **21** Sy sal geboorte gee
aan ’n seun, en jy moet hom
Jesus[f] noem, want hy sal sy
volk[g] van hulle sondes[h] red.”[i]
**22** Dit alles het in werklik-
heid gebeur sodat vervul sou
word wat Jehovah[j] deur mid-
del van sy profeet[k] gespreek
het toe hy gesê het: **23** “Kyk!
Die maagd[l] sal swanger word
en geboorte gee aan ’n seun,
en hulle sal hom Imma′nuel[m]
noem”, wat, wanneer dit ver-
taal word, beteken: “Met ons is
God.”[n]

**24** Toe het Josef uit sy slaap
wakker geword en gedoen
soos die engel van Jehovah aan
hom voorgeskryf het, en hy
het sy vrou huis toe geneem.
**25** Maar hy het geen gemeen-
skap[o] met haar gehad totdat sy
aan ’n seun geboorte gegee het
nie;[p] en hy het hom Jesus[q] ge-
noem.

**2** Nadat Jesus in die dae van
koning Herodes[a] in Betle-
hem[b] in Jude′a gebore is, kyk!
toe het sterrewiggelaars[c] uit
oostelike streke na Jerusalem
gekom **2** en gesê: “Waar is die
een wat as koning[d] van die Jode
gebore is? Want ons het sy ster[e]
gesien toe ons in die ooste was,
en ons het gekom om aan hom
hulde te bewys.” **3** Toe ko-
ning Herodes dit hoor, was hy
ontsteld, en die hele Jerusa-
lem saam met hom; **4** en na-
dat hy al die hoofpriesters en
skrifgeleerdes van die volk by-
mekaargeroep het, het hy hul-
le begin vra waar die Chris-
tus gebore sou word. **5** Hulle
het vir hom gesê: “In Betle-
hem[f] in Jude′a; want so is daar
deur middel van die profeet ge-
skryf: **6** ‘En jy, o Betlehem[g]
van die land van Juda, is hoe-
genaamd nie die onbeduidend-
ste stad onder die bewindheb-
bers van Juda nie; want uit jou
sal ’n bewindhebber[h] voortkom,
wat as herder[i] oor my volk, Is-
rael, toesig sal hou.’ ”

**7** Toe het Herodes die ster-
rewiggelaars in die geheim ont-
bied en noukeurig by hulle die
tyd van die ster se verskyning
vasgestel; **8** en hy het hul-
le na Betlehem gestuur en ge-
sê: “Gaan doen noukeurig on-
dersoek na die jong kindjie, en
wanneer julle hom gevind het,
moet julle dit aan my rappor-
teer, sodat ek ook aan hom hul-
de kan gaan bewys.”[j] **9** Na-
dat hulle die koning aangehoor
het, het hulle vertrek; en kyk!
die ster wat hulle gesien het
toe hulle in die ooste[k] was, het
voor hulle uit gegaan, totdat dit
gaan staan het bo die plek waar
die jong kindjie was. **10** Toe
hulle die ster sien, was hulle
inderdaad baie bly. **11** En toe

**HFST. 1**
a Lu 1:27
b Lu 1:35
c De 24:1
d De 22:23
e Lu 1:35
f Mt 1:25, Lu 1:31, Lu 2:21
g Han 5:31
h Joh 1:29, Han 4:12, Ef 1:7, 1Pe 2:24
i Lu 2:30, Heb 7:25
j Jes 55:11
k Jak 5:10, 2Pe 1:21
l Jes 7:14
m Jes 8:8
n Jes 8:10
o Lu 1:34
p Lu 2:7
q Lu 1:31, Lu 2:21

**Tweede kol.**

**HFST. 2**
a Lu 1:5
b Mi 5:2, Lu 2:4
c Da 1:20
d Ge 49:10, Mt 27:37
e Jes 47:13, Mt 2:9
f Joh 7:42
g Mi 5:2
h Jes 44:28
i 2Sa 5:2
j Ps 37:12, Spr 10:11
k Mt 2:2

hulle in die huis ingaan, het hul-
le die jong kindjie by sy moe-
der Maria gesien, en hulle het
neergeval en aan hom hulde be-
wys. Hulle het ook hulle skatte
oopgemaak en vir hom gesken-
ke gegee: goud en wierook en
mirre. **12** Maar omdat hulle
in ’n droom ’n goddelike waar-
skuwing[a] gegee is om nie na He-
rodes toe terug te keer nie, het
hulle langs ’n ander weg na hul-
le land teruggegaan.
**13** Nadat hulle weggegaan
het, kyk! toe het Jehovah se en-
gel[b] in ’n droom aan Josef ver-
skyn en gesê: “Staan op, neem
die jong kindjie en sy moeder
en vlug na Egipte, en bly daar
totdat ek vir jou sê; want He-
rodes staan op die punt om die
jong kindjie te soek om hom
dood te maak.” **14** Toe het hy
opgestaan en die jong kindjie
en sy moeder in die nag saam-
geneem en daarvandaan wegge-
gaan na Egipte, **15** en hy het
tot die dood van Herodes daar
gebly, sodat vervul[c] sou word
wat Jehovah deur middel van sy
profeet gespreek het toe hy ge-
sê het: “Uit Egipte[d] het ek my
seun geroep.”
**16** Toe Herodes sien dat hy
deur die sterrewiggelaars uit-
oorlê is, het hy baie woedend
geword, en hy het gestuur en
al die seuntjies van twee jaar
en jonger in Betlehem en in al
sy omstreke om die lewe laat
bring, ooreenkomstig die tyd
wat hy sorgvuldig by die ster-
rewiggelaars vasgestel het.[e]
**17** Toe is vervul wat gespreek
is deur middel van die profeet
Jeremia, wat gesê het: **18** “ ’n
Stem is in Rama[f] gehoor, ge-
huil en groot geweeklaag; dit
was Ragel[g] wat oor haar kin-
ders huil, en sy wou haar nie
laat troos nie, omdat hulle nie
meer daar is nie.”
**19** Toe Herodes gesterf het,
kyk! toe het Jehovah se engel
in ’n droom[a] aan Josef in Egip-
te verskyn **20** en gesê: “Staan
op, neem die jong kindjie en sy
moeder en gaan na die land van
Israel, want diegene wat die
siel van die jong kindjie ge-
soek het, is dood.” **21** En hy
het opgestaan en die jong kind-
jie en sy moeder geneem en
na die land van Israel gegaan.
**22** Maar toe hy hoor dat Arge-
la′us in die plek van sy vader
Herodes as koning van Jude′a
heers, het hy bang geword om
daarheen te gaan. Omdat hy bo-
wendien ’n goddelike waarsku-
wing in ’n droom gegee is,[b] het
hy daarvandaan weggegaan na
die gebied van Galile′a[c] **23** en
in ’n stad met die naam Na′-
saret[d] gaan woon, sodat vervul
sou word wat deur middel van
die profete gespreek is: “Hy sal
’n Nasarener[e] genoem word.”

**3** In daardie dae het Johan-
nes die Doper[f] gekom en in
die wildernis[g] van Jude′a ge-
preek **2** en gesê: “TOON BE-
ROU,[h] want die koninkryk van
die hemele het naby gekom.”[i]
**3** Dit is trouens die een
van wie daar deur middel van
die profeet Jesaja[j] met hierdie
woorde gespreek is: “Luister!
Iemand roep in die wildernis
uit: ‘BEREI[k] die weg van Jeho-
vah! Maak sy paaie reguit.’ ”
**4** Maar hierdie Johannes het
klere van kameelhaar[l] gedra
en ’n leergordel[m] om sy lende-
ne; ook was sy voedsel sprinka-
ne[n] en wilde heuning.[o] **5** Toe
het Jerusalem en die hele Ju-
de′a en die hele omgewing
rondom die Jordaan na hom
toe uitgegaan, **6** en mense is

**HFST. 2**
a Mt 2:22
b Mt 1:20, Mt 2:19
c Mt 5:17
d Ho 11:1
e Mt 2:7
f Jer 31:15, Jer 31:16
g Ge 35:19

**Tweede kol.**
a Mt 1:20
b Mt 2:12
c Mr 1:9, Lu 2:39
d Lu 2:51, Joh 1:45
e Jes 11:1, Jes 53:2, Jer 23:5, Sag 3:8

**HFST. 3**
f Mr 1:4, Joh 1:6
g Mt 11:7
h Lu 3:3
i Mt 4:17
j Mr 1:2, Joh 1:23
k Jes 40:3
l 2Kn 1:8
m Mr 1:6
n Le 11:22
o 1Sa 14:27, Spr 24:13

deur hom in die Jordaanrivier
gedoop[a] en het hulle sondes
openlik bely.
**7** Toe hy baie van die Fa-
riseërs en Sadduseërs[b] na die
doop sien kom, het hy vir hul-
le gesê: "Addergebroedsel,[c] wie
het julle te kenne gegee dat
julle vir die komende gram-
skap kan vlug?[d] **8** Bring dan
vrugte voort wat by berou
pas;[e] **9** en moet julle nie aan-
matig om vir julleself te sê:
'Ons het Abraham as vader'[f]
nie. Want ek sê vir julle dat
God uit hierdie klippe kin-
ders vir Abraham[g] kan ver-
wek. **10** Die byl[h] lê reeds
teen die wortel van die bome;
elke boom dan wat nie goeie
vrugte voortbring nie, gaan af-
gekap[i] en in die vuur gegooi
word.[j] **11** Ek doop julle wel
met water[k] weens julle berou;[l]
maar die een wat ná my kom,[m]
is sterker as ek, wie se san-
dale ek nie werd is om uit te
trek nie.[n] Hy sal julle met hei-
lige gees[o] en met vuur[p] doop.
**12** Sy wanskop is in sy hand,
en hy sal sy dorsvloer heelte-
mal skoonmaak en sy koring in
die voorraadskuur versamel,[q]
maar die kaf sal hy met onblus-
bare vuur verbrand."[r]
**13** Toe het Jesus van Gali-
le′a[s] af na die Jordaan gekom,
na Johannes toe, om deur hom
gedoop[t] te word. **14** Maar
laasgenoemde het hom pro-
beer keer en gesê: "Dit is ek
wat deur u gedoop moet word,
en kom u na my toe?" **15** Je-
sus het geantwoord en vir hom
gesê: "Laat dit hierdie keer so
wees, want só is dit gepas
vir ons om alles wat regver-
dig is, te volbring."[u] Toe het
hy hom nie meer gekeer nie.
**16** Nadat Jesus gedoop is, het
hy onmiddellik uit die water
opgekom; en kyk! die heme-
le is geopen,[a] en hy het ge-
sien hoe God se gees soos 'n
duif[b] neerdaal en op hom kom.[c]
**17** Kyk! Ook was daar 'n stem[d]
uit die hemele wat gesê het:
"Dit is my Seun,[e] die geliefde,[f]
wat ek goedgekeur het."[g]

**4** Daarna is Jesus deur die
gees die wildernis in gelei[h]
om deur die Duiwel versoek[i] te
word. **2** Nadat hy veertig dae
en veertig nagte gevas het,[j] was
hy honger. **3** En die Versoe-
ker[k] het gekom en vir hom ge-
sê: "As jy 'n seun van God is,[l] sê
vir hierdie klippe om brode te
word." **4** Maar hy het geant-
woord en gesê: "Daar staan ge-
skrywe: 'Die mens sal nie van
brood alleen lewe nie, maar van
elke woord wat uit Jehovah se
mond kom.'"[m]
**5** Toe het die Duiwel hom
saamgeneem in die heilige
stad[n] in, en hy het hom bo-op
die muur van die tempel laat
staan **6** en vir hom gesê: "As
jy 'n seun van God is, spring
af;[o] want daar staan geskrywe:
'Hy sal sy engele aangaande jou
opdrag gee, en hulle sal jou op
hulle hande dra, sodat jy nooit
jou voet teen 'n klip sal stamp
nie.'"[p] **7** Jesus het vir hom
gesê: "Daar staan ook geskry-
we: 'Jy mag Jehovah jou God
nie op die proef stel nie.'"[q]
**8** Weer het die Duiwel hom
saamgeneem na 'n buitenge-
woon hoë berg en hom al die
koninkryke van die wêreld[r] en
hulle heerlikheid gewys, **9** en
hy het vir hom gesê: "Al hierdie
dinge sal ek jou[s] gee as jy neer-
val en 'n daad van aanbidding
teenoor my verrig."[t] **10** Toe

**HFST. 3**

a Mr 1:5; Mr 1:9
b Mr 12:18; Lu 7:30
c Ps 58:4; Mt 12:34
d Mt 23:33; Lu 3:7; Lu 21:23; Ro 2:5; Op 6:17
e Han 26:20
f Joh 8:33; Joh 8:39
g Ro 4:12
h Lu 3:9
i Mt 7:19; Lu 13:6
j Joh 15:6
k Joh 1:33; Han 1:5; Han 11:16
l Han 13:24; Han 19:4
m Mt 11:3; Joh 1:15
n Mr 1:7; Joh 1:27; Han 13:25
o Joh 1:33; Han 2:4; 1Ko 12:13
p Lu 3:16
q Mt 13:30
r Jer 15:7; Mal 4:1; Lu 3:17
s Mr 1:9
t Lu 3:21
u Da 9:24; Mt 5:17; Heb 10:9

**Tweede kol.**

a Ese 1:1; Mr 1:10; Lu 3:21; Han 7:56
b Joh 1:32
c Jes 11:2; Lu 3:22; Lu 4:18; Han 10:38
d Joh 12:28
e Ge 22:2; Ps 2:7; Lu 9:35
f Mt 17:5; Lu 3:22
g Jes 42:1; Mt 12:18; 2Pe 1:17

**HFST. 4**

h Le 16:21; Mr 1:12; Lu 4:1
i Heb 4:15
j Eks 34:28; De 9:9; 1Kn 19:8; Mr 1:13; Lu 4:2
k 1Te 3:5
l Mt 27:40; Lu 4:3
m De 8:3; Lu 4:4; Joh 4:34

**n** Ne 11:1; Jes 52:1; Mt 27:53; **o** Lu 4:9; **p** Ps 91:11; Ps 91:12; Lu 4:10; Lu 4:11; **q** De 6:16; Lu 4:12; 1Ko 10:9; **r** Mt 16:26; Lu 4:5; 1Jo 2:16; Op 11:15; **s** Lu 4:6; Lu 4:7; Joh 12:31; 2Ko 4:4; **t** De 11:16.

het Jesus vir hom gesê: "Gaan weg, Satan! Want daar staan geskrywe: 'Jehovah jou God moet jy aanbid,[a] en aan hom alleen[b] moet jy heilige diens verrig.'"[c] **11** Toe het die Duiwel hom verlaat,[d] en kyk! engele het gekom en hom begin bedien.[e]

**12** En toe hy hoor dat Johannes gearresteer is,[f] het hy daarvandaan weggegaan na Galile′a.[g] **13** En nadat hy Na′saret verlaat het, het hy hom in Kaper′naum[h] by die see gaan vestig, in die gebied van Se′bulon en Naf′tali,[i] **14** sodat vervul sou word wat gespreek is deur middel van die profeet Jesaja, wat gesê het: **15** "O land van Se′bulon en land van Naf′tali, aan die seepad, aan die oorkant van die Jordaan, Galile′a[j] van die nasies! **16** die volk wat in die duisternis gesit het,[k] het 'n groot lig gesien,[l] en dié wat in 'n streek van doodskaduwee gesit het, oor hulle het die lig[m] opgegaan."[n] **17** Van daardie tyd af het Jesus begin preek en sê: "TOON BEROU,[o] want die koninkryk[p] van die hemele het naby gekom."

**18** Terwyl hy langs die see van Galile′a geloop het, het hy twee broers gesien, Simon,[q] wat Petrus[r] genoem word, en sy broer Andre′as, wat 'n visnet in die see laat sak, want hulle was vissers. **19** En hy het vir hulle gesê: "Kom agter my aan, en ek sal julle vissers van mense maak."[s] **20** Dadelik het hulle die nette laat staan[t] en hom gevolg. **21** En toe hy daarvandaan verder gaan, het hy twee ander[u] gesien wat broers was, Jakobus, die seun van Sebede′us,[v] en sy broer Johannes, in die boot saam met hulle vader Sebede′us terwyl hulle besig was om hulle nette heel te maak, en hy het hulle geroep. **22** Dadelik het hulle die boot en hulle vader verlaat en hom gevolg.

**23** Toe het hy deur die hele Galile′a[a] rondgegaan[b] en in hulle sinagoges geleer[c] en die goeie nuus van die koninkryk verkondig en elke soort kwaal[d] en elke soort gebrek onder die volk genees. **24** En die berig oor hom het in die hele Sirië[e] uitgegaan; en hulle het almal na hom toe gebring met wie dit sleg gegaan het,[f] wat deur allerhande kwale en pyne gekwel is, demoonbesetenes en epilepsielyers[g] en verlamdes, en hy het hulle genees. **25** Gevolglik het groot menigtes hom uit Galile′a[h] en Deka′polis en Jerusalem[i] en Jude′a en van oorkant die Jordaan gevolg.

**5** Toe hy die menigte mense sien, het hy teen die berg opgegaan; en nadat hy gaan sit het, het sy dissipels na hom toe gekom; **2** en hy het sy mond oopgemaak en hulle begin leer en gesê:

**3** "Gelukkig is dié wat bewus is van hulle geestelike behoefte,[j] want die koninkryk van die hemele behoort aan hulle.[k]

**4** "Gelukkig is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.[l]

**5** "Gelukkig is die saggeaardes,[m] want hulle sal die aarde beërf.[n]

**6** "Gelukkig is dié wat honger en dors[o] na regverdigheid, want hulle sal versadig word.[p]

**7** "Gelukkig is die barmhartiges,[q] want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

**8** "Gelukkig is dié wat suiwer van hart is,[r] want hulle sal God sien.[s]

**HFST. 4**

a De 5:9; Op 22:9
b De 6:13
c De 10:20; Jos 24:14; Lu 4:8
d Lu 4:13; Jak 4:7
e Lu 22:43; Heb 1:14
f Mt 14:3; Mr 1:14; Mr 6:17; Lu 3:20
g Lu 4:14
h Lu 4:31; Joh 2:12
i Jos 19:32
j Jes 9:1
k Jes 8:22; Jes 9:2
l Lu 1:79
m Joh 1:9
n Jes 9:2
o Mr 1:15
p Mt 10:7
q Mr 1:16
r Joh 1:42
s Lu 5:10
t Mr 10:28; Lu 18:28
u Mr 1:19; Joh 21:2
v Mt 10:2; Mt 27:56; Mr 3:17; Mr 10:35

**Tweede kol.**

a Mr 1:14; Mr 1:39
b Mt 9:35; Mr 6:6
c Lu 4:16; Han 13:14
d Lu 9:11; Han 10:38
e Han 15:41
f Mr 6:55
g Mt 17:15; Mr 1:32; Han 5:16
h Mr 3:7
i Lu 6:17

**HFST. 5**

j Lu 6:20; 1Ko 2:14
k Jak 2:5
l Jes 12:1; Jes 61:3; Mt 11:28
m 1Ti 6:11; Tit 3:2
n Ps 37:11
o Jes 55:1; Lu 6:21
p Joh 6:35; Op 7:16
q Mt 6:14; Mt 18:33; Jak 2:13
r Ps 24:4; Ps 73:1; Spr 22:11; Tit 1:15
s 1Jo 3:2

**9** “Gelukkig is die vredelie-
wendes,[a] want hulle sal ‘kin-
ders[b] van God’ genoem word.
**10** “Gelukkig is dié wat ter
wille van regverdigheid vervolg
is,[c] want die koninkryk van die
hemele behoort aan hulle.
**11** “Gelukkig is julle wan-
neer mense julle smaad[d] en jul-
le vervolg[e] en valslik allerhan-
de goddelose dinge teen julle
sê ter wille van my. **12** Wees
bly en spring van vreugde,[f]
aangesien julle beloning[g] groot
is in die hemele; want so het
hulle die profete[h] voor julle
vervolg.
**13** “Julle is die sout[i] van die
aarde; maar as die sout sy krag
verloor, hoe sal sy southeid her-
stel word? Dit is nie meer vir
enigiets anders bruikbaar as
om buite gegooi te word[j] om
deur die mense vertrap te word
nie.
**14** “Julle is die lig van die
wêreld.[k] ’n Stad kan nie weg-
gesteek word wanneer dit op
’n berg geleë is nie. **15** Men-
se steek ’n lamp op en sit dit
nie onder die maatemmer[l] nie,
maar op die lampstaander, en
dit skyn op almal in die huis.
**16** Laat julle lig[m] net so voor
die mense skyn, sodat hulle jul-
le goeie werke[n] kan sien en
heerlikheid kan gee[o] aan julle
Vader wat in die hemele is.
**17** “Moenie dink dat ek ge-
kom het om die Wet[p] of die Pro-
fete tot niet te maak nie. Ek
het gekom, nie om tot niet te
maak nie, maar om te vervul;[q]
**18** want ek sê voorwaar vir
julle dat hemel en aarde eer-
der sal verbygaan[r] as dat één
van die kleinste lettertjies of
een deeltjie van ’n letter hoe-
genaamd uit die Wet sal ver-
bygaan en alles nie plaasvind
nie.[a] **19** Elkeen dan wat een
van hierdie geringste gebooie
breek[b] en mense dienooreen-
komstig leer, hy sal ‘die gering-
ste’ genoem word met betrek-
king tot die koninkryk van die
hemele.[c] Maar elkeen wat dit
doen en dit aan ander leer,[d]
hy sal ‘groot’[e] genoem word
met betrekking tot die konink-
ryk van die hemele. **20** Want
ek sê vir julle dat as julle reg-
verdigheid nie oorvloediger is
as dié van die skrifgeleerdes
en Fariseërs[f] nie, julle hoege-
naamd nie in die koninkryk
van die hemele sal ingaan nie.[g]
**21** “Julle het gehoor dat
daar vir dié van die ou tyd ge-
sê is: ‘Jy mag nie moord pleeg
nie;[h] maar elkeen wat ’n moord
pleeg,[i] sal aan die geregshof re-
kenskap moet gee.’[j] **22** Ek sê
egter vir julle dat elkeen wat
toornig bly[k] op sy broer, aan
die geregshof rekenskap[l] sal
moet gee; maar elkeen wat
sy broer met ’n onuitspreekli-
ke woord van minagting aan-
spreek, sal aan die Hoogste Ge-
regshof rekenskap moet gee;
terwyl elkeen wat sê: ‘Jou ver-
agtelike dwaas!’ aan die vu-
rige Gehen′na[m] blootgestel sal
wees.
**23** “As jy dan jou gawe na
die altaar bring[n] en jy daar ont-
hou dat jou broer iets teen jou
het,[o] **24** laat staan jou gawe
daar voor die altaar en gaan
weg; maak eers vrede met jou
broer[p] en offer dan, wanneer jy
teruggekom het, jou gawe.[q]
**25** “Wees gou om sake te
skik met die een wat jou by die
gereg aankla, terwyl jy saam
met hom daarheen op pad is,
sodat die aanklaer[r] jou nie op
die een of ander wyse aan die

**HFST. 5**

**a** Ro 12:18; Heb 12:14; Jak 3:18
**b** Ga 4:6
**c** Mr 10:30; 1Pe 3:14
**d** Mt 10:22; Lu 6:22; Jak 1:2; 1Pe 4:14
**e** Joh 15:20
**f** Hab 3:18; Lu 6:23; Han 5:41; Ro 5:3
**g** Heb 11:6
**h** 2Kr 36:16; Mt 23:30; Lu 6:23; Han 7:52; 1Te 2:15; Heb 11:37; Jak 5:10
**i** Mr 9:50
**j** Lu 14:35
**k** Jes 51:4; Joh 3:19; Joh 8:12; Joh 9:5; Joh 12:36; 2Ko 6:14; Flp 2:15
**l** Mr 4:21; Lu 11:33
**m** Ef 5:8; Flp 2:15; 1Pe 2:9
**n** Joh 10:32; Joh 15:8; Ef 5:9
**o** 1Pe 2:12
**p** Ro 3:31
**q** Lu 4:21
**r** Mt 24:35; Lu 16:17; Lu 21:33

**Tweede kol.**

**a** Jes 40:8; Jes 55:11
**b** Jak 2:10
**c** Lu 13:28
**d** Mt 28:20
**e** Mt 11:11
**f** Mt 15:9; Mt 23:23; Lu 11:42
**g** Mt 18:3; Joh 3:5
**h** Ge 9:6; Eks 20:13; De 5:17
**i** Le 24:17
**j** De 17:9
**k** Ef 4:26; Kol 3:8; Jak 1:19; Jak 5:6
**l** 1Jo 3:15
**m** 2Kn 23:10; Jer 7:31; Mt 10:28; Lu 12:5
**n** De 16:16; Mt 23:19
**o** Le 19:17; Mr 11:25; Lu 17:3
**p** Mt 18:15; 1Pe 3:11

**q** 1Ti 2:8; 1Jo 4:20; **r** Lu 12:58; Lu 18:3.

regter oorgee en die regter jou
aan die geregsdienaar oorgee
en jy in die gevangenis gegooi
word nie. **26** Ek sê met seker-
heid vir jou: Jy sal beslis nie
daar uitkom totdat jy die laaste
muntstuk van baie min waarde
terugbetaal het nie.[a]

**27** "Julle het gehoor dat daar
gesê is: 'Jy mag nie egbreuk
pleeg nie.'[b] **28** Maar ek sê vir
julle dat elkeen wat aanhou om
na 'n vrou te kyk[c] om harts-
tog vir haar te hê, reeds in
sy hart[d] met haar egbreuk ge-
pleeg het.[e] **29** As daardie reg-
teroog van jou jou dan nou laat
struikel, ruk dit uit en gooi dit
van jou af weg.[f] Want dit is
vir jou voordeliger dat een van
jou lede verlore gaan as dat jou
hele liggaam in Gehen'na ge-
werp word.[g] **30** En as jou reg-
terhand jou laat struikel, kap
dit af en gooi dit van jou af
weg.[h] Want dit is vir jou voor-
deliger dat een van jou lede ver-
lore gaan as dat jou hele lig-
gaam in Gehen'na beland.

**31** "Ook is daar gesê: 'Laat
elkeen wat van sy vrou skei,[i]
vir haar 'n skeibrief[j] gee.'
**32** Ek sê egter vir julle dat
elkeen wat van sy vrou skei,
behalwe weens hoerery,[k] haar
aan egbreuk blootstel,[l] en enig-
iemand wat met 'n geskeide
vrou trou, pleeg egbreuk.[m]

**33** "Julle het ook gehoor dat
daar vir dié van die ou tyd ge-
sê is: 'Jy mag nie sweer[n] son-
der om jou eed na te kom
nie, maar jy moet jou geloftes
aan Jehovah betaal.'[o] **34** Ek
sê egter vir julle: Moet glad nie
sweer nie,[p] nie by die hemel
nie, omdat dit God se troon is;[q]
**35** ook nie by die aarde nie, om-
dat dit die voetbank[r] van sy
voete is; ook nie by Jerusalem
nie, omdat dit die stad[a] van die
groot Koning is. **36** Ook by
jou kop mag jy nie sweer nie,
omdat jy nie een haar wit of
swart kan maak nie. **37** Laat
julle woord *Ja* eenvoudig Ja be-
teken, julle *Nee,* Nee;[b] want
wat meer as dit is, is uit die
bose.[c]

**38** "Julle het gehoor dat daar
gesê is: 'Oog vir oog en tand
vir tand.'[d] **39** Ek sê egter vir
julle: Moenie die een wat god-
deloos is, teëstaan nie; maar as
iemand jou op jou regterwang
klap,[e] draai die ander een ook
na hom toe. **40** En as iemand
met jou hof toe wil gaan en
jou onderkleed in besit wil kry,
laat hom ook jou bokleed kry;[f]
**41** en as iemand met gesag
jou vir een myl kommandeer,
gaan twee myl saam met hom.[g]
**42** Gee aan hom wat iets van
jou vra, en moet jou nie afkeer
van iemand wat sonder rente by
jou wil leen nie.[h]

**43** "Julle het gehoor dat daar
gesê is: 'Jy moet jou naas-
te liefhê[i] en jou vyand haat.'[j]
**44** Ek sê egter vir julle: Hou
aan om julle vyande lief te hê[k]
en om te bid vir dié wat jul-
le vervolg;[l] **45** sodat julle kan
toon dat julle kinders is van
julle Vader wat in die hemele
is,[m] aangesien hy sy son laat
opgaan oor goddeloses en goei-
es en dit laat reën op reg-
verdiges en onregverdiges.[n]
**46** Want as julle dié liefhet wat
julle liefhet, watter beloning
het julle?[o] Doen die belasting-
gaarders nie ook dieselfde nie?
**47** En as julle net julle broers
groet, wat doen julle wat bui-
tengewoon is? Doen die mense
van die nasies nie ook dieself-
de nie? **48** Julle moet dan vol-
maak wees, soos julle hemelse
Vader volmaak is.[p]

**HFST. 5**

a Mt 18:34; Lu 12:59
b Eks 20:14; De 5:18; Lu 18:20; Ro 13:9
c De 5:21; 2Sa 11:2; Job 31:1; 2Pe 2:14
d Mr 7:21; Mr 7:23
e 1Jo 2:16
f Mt 18:8; Lu 11:34
g Mt 18:9; Mr 9:47
h Kol 3:5
i Mt 19:3; Mr 10:2
j De 24:1; Mt 19:8; Mr 10:4
k Nu 14:33; Rig 19:2; Ese 23:11; Ho 2:5; Mr 7:21; Han 5:29
l Mr 10:11; Lu 16:18; Ro 7:3
m Mt 19:9
n Le 19:12; Nu 30:2
o De 23:21; Ps 50:14; Pr 5:4
p Jak 5:12
q Han 7:49
r Jes 66:1; Klg 2:1

**Tweede kol.**

a Ps 48:2
b 2Ko 1:17; Jak 5:12
c Joh 8:44
d Eks 21:24; Le 24:20; De 19:21
e Spr 24:29; Jes 50:6; Klg 3:30; Lu 6:29; Joh 18:22; Ro 12:17; 1Pe 2:23
f Lu 6:29; 1Ko 6:7
g Mr 15:21
h Le 25:36; De 23:19
i Le 19:18; Mr 12:31
j Eks 23:4
k Spr 25:21; Ro 12:20
l Lu 6:28; Lu 23:34; Han 7:60; Ro 12:14
m Mt 5:9; Ef 5:1
n Lu 6:35; Han 14:17
o Lu 6:32
p Le 19:2; De 18:13; Lu 6:36; 1Pe 1:16

6 “Pas noukeurig op dat jul-
le nie julle regverdigheid[a]
voor die mense beoefen om
deur hulle gesien te word nie;
anders sal julle geen beloning
hê by julle Vader wat in die he-
mele is nie. 2 Wanneer jy der-
halwe barmhartigheidsgawes
gee,[b] moet jy nie ’n trompet
voor jou blaas[c] net soos die hui-
gelaars in die sinagoges en in
die strate doen, sodat hulle deur
die mense verheerlik kan word
nie. Voorwaar, ek sê vir julle:
Hulle ontvang reeds hulle vol-
le beloning. 3 Maar jy, wan-
neer jy barmhartigheidsgawes
gee, moenie jou linkerhand laat
weet wat jou regterhand doen
nie, 4 sodat jou barmhartig-
heidsgawes in die geheim kan
wees; dan sal jou Vader wat in
die geheim toekyk, jou beloon.[d]
5 “Ook wanneer julle bid,
moet julle nie soos die huige-
laars wees nie; want hulle hou
daarvan om in die sinagoges en
op die hoeke van die breë stra-
te te staan en bid[e] om deur die
mense gesien te word.[f] Voor-
waar, ek sê vir julle: Hulle ont-
vang reeds hulle volle beloning.
6 Maar jy, wanneer jy bid, gaan
in jou binnekamer[g] in, en nadat
jy jou deur toegemaak het, bid
tot jou Vader wat in die geheim
is;[h] dan sal jou Vader wat in
die geheim toekyk, jou beloon.
7 Maar wanneer julle bid, moet
julle nie dieselfde dinge oor en
oor sê,[i] net soos die mense van
die nasies nie, want hulle dink
dat hulle verhoor sal word om-
dat hulle baie woorde gebruik.
8 Moet dan nie soos hulle word
nie, want God, julle Vader, weet
watter dinge julle nodig het[j]
nog voordat julle hom vra.
9 “Julle moet dan só bid:[k]
“ ‘Ons Vader in die hemele,
laat u naam[l] geheilig word.[m]
10 Laat u koninkryk[a] kom.
Laat u wil[b] geskied, soos in die
hemel, so ook op die aarde.[c]
11 Gee ons vandag ons brood
vir hierdie dag;[d] 12 en verge-
we ons ons skulde, soos ons ook
ons skuldenaars vergewe het.[e]
13 En bring ons nie in versoe-
king nie,[f] maar verlos ons van
die bose.’[g]
14 “Want as julle die mense
hulle oortredings vergewe, sal
julle hemelse Vader julle ook
vergewe;[h] 15 maar as julle
die mense hulle oortredings nie
vergewe nie, sal julle Vader jul-
le oortredings ook nie vergewe
nie.[i]
16 “Wanneer julle vas,[j] moet
julle ophou om soos die huige-
laars ’n droewige gesig te trek,
want hulle vertrek hulle gesig-
te sodat die mense kan sien dat
hulle vas.[k] Voorwaar, ek sê vir
julle: Hulle ontvang reeds hul-
le volle beloning. 17 Maar jy,
wanneer jy vas, salf jou kop
en was jou gesig,[l] 18 sodat nie
die mense sal sien dat jy vas nie,
maar jou Vader wat in die ge-
heim is;[m] dan sal jou Vader wat
in die geheim toekyk, jou be-
loon.
19 “Hou op om vir julle skat-
te[n] op die aarde op te gaar,
waar mot en roes verteer en
waar diewe inbreek en steel.
20 Gaar eerder vir julle skatte
in die hemel[o] op, waar nie mot
of roes verteer nie[p] en waar
diewe nie inbreek en steel nie.
21 Want waar jou skat is, daar
sal jou hart ook wees.
22 “Die lamp van die lig-
gaam is die oog.[q] As jou oog dan
eenvoudig is, sal jou hele lig-
gaam lig wees; 23 maar as jou
oog goddeloos[r] is, sal jou hele
liggaam duister wees. As die lig
in jou in werklikheid duisternis

HFST. 6
a Mt 5:20 Mt 23:5
b Han 9:36 Han 10:2 1Ko 13:3
c Lu 18:12
d Spr 19:17 Mt 10:42
e Lu 18:11
f Mt 6:16 Mt 23:5
g 2Kn 4:33 Jes 26:20
h Lu 6:12
i 1Kn 18:26
j Lu 12:30
k Lu 11:2
l Eks 6:3 Ps 83:18 Jes 42:8 Jes 54:5
m Ese 36:23 Ese 38:23

Tweede kol.
a Da 2:44 Mt 6:33 Op 11:15
b Mt 26:42 Op 4:11
c Ps 37:10 Lu 23:43 Han 24:15 1Ti 2:4
d Ps 37:25 Spr 30:8 Mt 6:34 1Ti 6:8
e Mt 18:21 Mr 11:25 Lu 11:4
f Mt 26:41 1Ko 10:13 Op 3:10
g Ps 82:4 Ps 97:10 Joh 17:15 1Jo 5:19
h Ef 4:32 Kol 3:13
i Mt 18:35 Jak 2:13
j Sag 8:19 Han 13:2 Han 13:3 Han 14:23
k Jes 58:5 Sag 7:5 Lu 18:12
l Pr 9:8
m Ps 91:1
n Mt 13:22 Lu 12:20 Jak 5:3
o Mt 19:21 Mr 10:21 Lu 12:33 Lu 18:22
p 1Pe 1:4
q Spr 4:25 Lu 11:34 Ef 1:18
r Mt 5:28 Mt 20:15 Mr 7:22 2Pe 2:14

is, hoe groot is daardie duister-
nis tog![a]
**24** “Niemand kan twee here
as slaaf dien nie; want hy sal óf
die een haat en die ander lief-
hê,[b] óf die een aankleef en die
ander verag. Julle kan nie God
én Rykdom as slawe dien nie.[c]
**25** “Daarom sê ek vir julle:
Hou op om julle te kwel[d] oor jul-
le siel, oor wat julle sal eet of
wat julle sal drink, of oor julle
liggaam, oor wat julle sal dra.[e]
Beteken die siel nie meer as
voedsel en die liggaam meer as
klere nie?[f] **26** Hou die voëls[g]
van die hemel noukeurig dop,
want hulle saai nie saad nie
en hulle oes nie en hulle maak
nie in voorraadskure bymekaar
nie; nogtans voed julle hemel-
se Vader hulle. Is julle nie meer
werd as hulle nie?[h] **27** Wie
van julle kan deur hom te kwel
een el by sy lewensduur voeg?[i]
**28** Ook wat klere betref, waar-
om kwel julle julle? Leer ’n les
by die lelies[j] van die veld, hoe
hulle groei; hulle swoeg nie, en
hulle spin ook nie; **29** maar
ek sê vir julle dat nie eens Sa-
lomo[k] in al sy heerlikheid soos
een van hulle geklee was nie.
**30** As God dan die plantegroei
van die veld, wat vandag hier
is en môre in die oond gegooi
word, so klee, sal hy julle nie
veel eerder klee nie, julle klein-
gelowiges?[l] **31** Moet julle dus
nooit kwel[m] en sê: ‘Wat gaan
ons eet?’ of: ‘Wat gaan ons
drink?’ of: ‘Wat gaan ons aan-
trek?’ nie. **32** Want al hierdie
dinge jaag die nasies gretig na.
Want julle hemelse Vader weet
dat julle al hierdie dinge nodig
het.[n]
**33** “Hou dan aan om eers
die koninkryk en sy regverdig-
heid[o] te soek, en al hierdie an-
der dinge sal vir julle byge-
voeg word.[a] **34** Moet julle dus
nooit kwel oor die volgende dag
nie,[b] want die volgende dag sal
sy eie sorge hê. Elke dag het ge-
noeg van sy eie kwaad.

**7** “Hou op om te oordeel,[c]
sodat julle nie geoordeel
word nie; **2** want met die oor-
deel waarmee julle oordeel,
sal julle geoordeel word;[d] en
met die maat waarmee julle uit-
meet, sal hulle vir julle uit-
meet.[e] **3** Waarom kyk jy dan
na die strooihalm in jou broer
se oog, maar let nie op die balk
in jou eie oog nie?[f] **4** Of hoe
kan jy vir jou broer sê: ‘Laat my
toe om die strooihalm uit jou
oog uit te haal’; wanneer daar,
kyk! ’n balk in jou eie oog is?[g]
**5** Huigelaar! Haal eers die balk
uit jou eie oog uit, en dan sal jy
duidelik sien hoe om die strooi-
halm uit jou broer se oog uit te
haal.
**6** “Moenie wat heilig is, vir
die honde gee nie,[h] en moet ook
nie julle pêrels voor die varke
gooi nie, sodat hulle dit nie mis-
kien onder hulle pote sal ver-
trap[i] en omdraai en julle ver-
skeur nie.
**7** “Hou aan vra,[j] en vir jul-
le sal gegee word; hou aan
soek, en julle sal vind; hou
aan klop,[k] en vir julle sal oop-
gemaak word. **8** Want elkeen
wat vra, ontvang,[l] en elkeen
wat soek, vind, en vir elkeen
wat klop, sal oopgemaak word.
**9** Ja, wie is die mens onder julle
vir wie sy seun[m] brood vra—hy
sal hom tog nie ’n klip gee nie,
of hoe? **10** Of miskien sal hy
’n vis vra—hy sal hom tog nie
’n slang gee nie, of hoe? **11** As
julle, hoewel julle goddeloos is,[n]
dan weet hoe om goeie gawes
aan julle kinders te gee, hoeveel
te meer sal julle Vader wat in

**HFST. 6**
a Joh 11:10
b Lu 16:13; Ro 6:16; Jak 4:4
c Mt 13:22; Lu 16:9
d Lu 12:22; Flp 4:6
e Ps 55:22; 1Ti 6:8; Heb 13:5; 1Pe 5:7
f Lu 12:23
g Job 38:41; Ps 147:9; Mt 10:29; Lu 12:24
h De 7:6
i Ps 39:5; Lu 12:25
j Lu 12:27
k 1Kn 10:5
l Mt 8:26; Mt 14:31; Mt 16:8; Lu 12:28
m Lu 10:41; Lu 12:29
n Lu 12:30
o Ro 1:17; Ro 14:17

**Tweede kol.**
a Ps 37:25
b Eks 16:4; Eks 16:19

**HFST. 7**
c Lu 6:37; Ro 2:1; Ro 14:13; 1Ko 4:5
d Mt 18:34; Jak 2:13
e Mr 4:24; Lu 6:38; Ga 6:7
f Lu 6:41
g Lu 6:42
h Spr 9:7; Spr 15:12; Mt 10:14
i Heb 10:29
j Mr 11:24; Jak 1:5; 1Jo 5:14
k Lu 11:9
l Jer 29:12; Joh 14:13; 1Jo 3:22
m Lu 11:11
n Lu 11:13

die hemele is, goeie dinge gee[a]
aan dié wat hom vra!
**12** “Alles wat julle dan wil hê
dat die mense aan julle moet
doen,[b] moet julle ook net so aan
hulle doen; trouens, dit is wat
die Wet en die Profete beteken.[c]
**13** “Gaan in deur die nou
poort;[d] want breed en wyd is
die pad wat na die vernietiging
lei, en dié wat daardeur ingaan,
is baie; **14** maar nou is die
poort en smal is die pad wat na
die lewe lei, en dié wat dit vind,
is min.[e]
**15** “Pas op vir die valse pro-
fete[f] wat in skaapsklere na julle
toe kom,[g] maar van binne roof-
sugtige wolwe is.[h] **16** Aan
hulle vrugte sal julle hulle her-
ken.[i] Mense pluk nooit drui-
we van dorings of vye van
dissels nie, of hoe?[j] **17** Net so
bring elke goeie boom goeie
vrugte voort, maar elke sleg-
te boom bring waardelose vrug-
te voort;[k] **18** ’n goeie boom
kan nie waardelose vrugte dra
nie, en ’n slegte boom kan ook
nie goeie vrugte voortbring nie.
**19** Elke boom wat nie goeie
vrugte voortbring nie, word af-
gekap en in die vuur gegooi.[l]
**20** So sal julle daardie mense
dan aan hulle vrugte herken.[m]
**21** “Nie elkeen wat vir my sê:
‘Here, Here’, sal in die konink-
ryk van die hemele ingaan nie,
maar hy wat die wil doen[n] van
my Vader wat in die hemele is.[o]
**22** Baie sal in daardie dag vir
my sê: ‘Here, Here,[p] het ons nie
in u naam geprofeteer en in u
naam demone uitgedryf en in u
naam talle kragtige werke ver-
rig nie?’[q] **23** En tog sal ek dan
openlik vir hulle sê: Ek het julle
nooit geken nie![r] Gaan weg van
my af, julle werkers van wette-
loosheid.[s]

**24** “Daarom sal elkeen wat
hierdie woorde van my hoor
en dit doen, vergelyk word
met ’n verstandige man, wat
sy huis op die rots gebou het.[a]
**25** En die reën het neergestort
en die vloedwaters het gekom
en die winde het gewaai en aan
daardie huis geruk, maar dit
het nie ineengestort nie, want
dit was op die rots gegrond-
ves. **26** Verder sal elkeen wat
hierdie woorde van my hoor en
dit nie doen nie,[b] vergelyk word
met ’n dwase man,[c] wat sy huis
op die sand gebou het. **27** En
die reën het neergestort en die
vloedwaters het gekom en die
winde het gewaai en daardie
huis getref[d] en dit het ineenge-
stort, en sy ineenstorting was
groot.”[e]
**28** En toe Jesus klaar was
met hierdie woorde, was die uit-
werking dat die skare verstom[f]
was oor die manier waarop hy
geleer het; **29** want hy het
hulle geleer soos iemand wat
gesag het,[g] en nie soos hulle
skrifgeleerdes nie.

**8** Nadat hy van die berg afge-
kom het, het ’n groot me-
nigte hom gevolg. **2** En kyk!
’n melaatse man[h] het nader ge-
kom en aan hom hulde begin be-
wys en gesê: “Here, as u net wil,
kan u my rein maak.” **3** En
hy het sy hand uitgesteek, hom
aangeraak en gesê: “Ek wil.
Word gereinig.”[i] En onmiddel-
lik is hy van sy melaatsheid
gereinig.[j] **4** Toe het Jesus vir
hom gesê: “Sorg dat jy vir nie-
mand vertel nie,[k] maar gaan
wys jou vir die priester[l] en of-
fer die gawe[m] wat Moses voor-
geskryf het, as ’n getuienis vir
hulle.”
**5** Toe hy in Kaper′naum[n] in-
gaan, het ’n leëroffisier na hom

HFST. 7
a Jak 1:17
b Lu 6:31
c Ro 13:10; Ga 5:14; 1Ti 1:5
d Lu 13:24
e Han 14:22; 1Pe 4:18
f Mt 24:11; 2Pe 2:1; 1Jo 4:1
g Lu 6:26
h Ese 22:27; Han 20:29
i Spr 20:11; Ro 16:17; Ga 5:19
j Ge 1:11; Lu 6:44; Jak 3:12
k Mt 12:33; Lu 6:43
l Mt 3:10; Lu 13:9; Joh 15:2; Tit 3:14
m Mt 12:33
n Mt 21:29; Ro 2:13; Jak 1:22; 1Jo 5:3
o 1Jo 2:17
p Lu 6:46
q Jer 14:14; Jer 27:15
r Lu 13:25
s Ps 6:8; Lu 13:27; 1Jo 3:4

Tweede kol.
a Lu 6:47; Lu 6:48; Jak 1:25
b Lu 6:49; Jak 1:23
c Jer 8:9
d Ese 13:13; 1Ko 3:13
e Lu 6:49
f Mr 1:22; Lu 4:32
g Joh 7:46

HFST. 8
h Mr 1:40; Lu 5:12
i Mr 1:41
j Eks 4:7; Jes 53:4
k Mt 9:30; Mt 12:16; Mr 7:36; Lu 5:14
l Le 13:49; Le 14:2; Lu 17:14
m Le 14:4; Le 14:20; Mr 1:44; Lu 5:14
n Lu 7:1

toe gekom en hom gesoebat
**6** en gesê: “Meneer, my dienskneg
kneg lê verlam by die huis en
verduur vreeslike pyn.” **7** Hy
het vir hom gesê: “Wanneer ek
daar kom, sal ek hom genees.”
**8** Die leëroffisier het geantwoord
woord en gesê: “Meneer, ek is
dit nie werd dat u onder my
dak inkom nie, maar spreek net
die woord, en my dienskneg
sal gesond word. **9** Want ek
is ook ’n man wat onder gesag
sag geplaas is en het soldate onder
der my, en vir hierdie een sê
ek: ‘Gaan!’[a] en hy gaan, en vir
’n ander een: ‘Kom!’ en hy kom,
en vir my slaaf: ‘Doen dit!’ en
hy doen dit.” **10** Toe Jesus dit
hoor, was hy verbaas en het
hy vir dié wat hom volg, gesê:
“Ek vertel julle die waarheid:
By niemand in Israel het ek
so ’n groot geloof gevind nie.[b]
**11** Maar ek sê vir julle dat baie
uit oostelike streke en westelike[c]
ke[c] streke sal kom en saam met
Abraham en Isak en Jakob in
die koninkryk[d] van die hemele[e]
le[e] aan tafel sal gaan; **12** terwyl
wyl die kinders van die koninkryk[f]
ryk[f] in die duisternis daar buite
gegooi sal word. Dáár sal hulle
gehuil en die gekners van hulle
tande wees.”[g] **13** Toe het Jesus
sus vir die leëroffisier gesê:
“Gaan. Laat dit vir jou geskied
net soos jy geglo het.”[h] En die
dienskneg het in daardie uur
gesond geword.

**14** En toe Jesus in Petrus se
huis inkom, het hy sy skoonmoeder[i]
moeder[i] met koors siek sien lê.[j]
**15** Toe het hy haar hand aangeraak,[k]
geraak,[k] en die koors het haar
verlaat, en sy het opgestaan en
hom begin bedien.[l] **16** Maar
nadat dit aand geword het,
het mense talle demoonbesetenes
nes na hom toe gebring; en hy
het die geeste met ’n woord uitgedryf,
gedryf, en hy het almal genees
met wie dit sleg gegaan het;
**17** sodat vervul sou word wat
gespreek is deur middel van die
profeet Jesaja, wat gesê het:
“Hy het ons siektes geneem en
ons kwale gedra.”[a]

**18** Toe Jesus ’n skare rondom
om hom sien, het hy bevel gegee
gee om na die oorkant weg te
vaar.[b] **19** En ’n sekere skrifgeleerde
geleerde het nader gekom en
vir hom gesê: “Leermeester, ek
sal u volg waar u ook al gaan.”[c]
**20** Maar Jesus het vir hom gesê:
sê: “Jakkalse het gate en voëls
van die hemel het slaapplekke,
maar die Seun van die mens het
geen plek om sy kop neer te lê
nie.”[d] **21** Toe het ’n ander een
van die dissipels vir hom gesê:
“Here, laat my toe om eers weg
te gaan en my vader te begrawe.”
we.” **22** Jesus het vir hom gesê:
sê: “Hou aan om my te volg, en
laat die dooies hulle dooies begrawe.”[e]
grawe.”[e]

**23** En toe hy in ’n boot klim,[f]
het sy dissipels hom gevolg.
**24** En kyk! ’n groot beroering
het in die see gekom, sodat die
boot deur die golwe bedek is;
hy het egter geslaap.[g] **25** En
hulle het gekom en hom wakker
ker gemaak[h] en gesê: “Here, red
ons, ons staan op die punt om
te vergaan!” **26** Maar hy het
vir hulle gesê: “Waarom is julle
le bang, julle kleingelowiges?”[i]
Toe het hy opgestaan en die
winde en die see bestraf, en
daar het ’n groot kalmte gekom.[j]
kom.[j] **27** En die manne was
verbaas en het gesê: “Watter
soort mens is hy,[k] dat selfs die
winde en die see hom gehoorsaam?”
saam?”

**28** Toe hy aan die oorkant
kom, in die land van die Gadareners,[l]
dareners,[l] het twee demoonbe-

**HFST. 8**
a Han 10:7
b Mt 15:28; Lu 7:9
c Jes 49:12
d Lu 13:29
e Mt 11:12
f Mt 25:30
g Mt 22:13; Mt 24:51; Lu 13:28
h Mt 9:29; Mt 15:28; Mr 9:23; Lu 7:10
i 1Ko 9:5
j Mr 1:30; Lu 4:38
k Mr 5:41; Han 3:7
l Mr 1:31; Lu 4:38; Lu 4:39

**Tweede kol.**
a Jes 53:4; Joh 1:29
b Mr 4:35; Lu 8:22
c Lu 9:57
d Lu 9:58; 2Ko 8:9
e Lu 9:60; Joh 1:43; Ro 6:13
f Mr 4:36
g Ps 4:8; Lu 8:23
h Mr 4:38
i Mt 14:31; Mr 4:40
j Ps 65:7; Ps 89:9; Ps 107:29; Lu 8:25
k Mr 4:41
l Lu 8:26

setenes[a] hom ontmoet, wat tus-
sen die gedenkgrafte uitgekom
het en buitengewoon wreed-
aardig was, sodat niemand die
moed gehad het om op daardie
pad verby te gaan nie. **29** En
kyk! hulle het geskreeu en ge-
sê: “Wat het ons met u te doen,
Seun van God?[b] Het u hier-
heen gekom om ons voor die
vasgestelde tyd[c] te pynig?”[d]
**30** Maar ’n hele ent van hulle
af het ’n groot trop varke ge-
wei. **31** Toe het die demone
hom begin soebat en gesê: “As
u ons uitdryf, stuur ons tog in
die trop varke in.”[e] **32** Daar-
op het hy vir hulle gesê: “Gaan!”
Hulle het uitgekom en in die
varke ingevaar; en kyk! die hele
trop het oor die krans gestorm,
die see in, en in die waters om-
gekom.[f] **33** Maar die wagters
het gevlug, en hulle het in die
stad ingegaan en alles vertel,
asook die aangeleentheid van
die demoonbesetenes. **34** En
kyk! die hele stad het uitgekom
om Jesus te ontmoet; en nadat
hulle hom gesien het, het hulle
ernstig by hom aangedring om
uit hulle gebied weg te gaan.[g]

**9** Toe het hy in die boot ge-
klim, oorgevaar en in sy
eie stad[h] ingegaan. **2** En kyk!
hulle het ’n verlamde man wat
op ’n bed lê, na hom toe ge-
bring.[i] Toe Jesus hulle geloof
sien, het hy vir die verlamde ge-
sê: “Skep moed, kind; jou son-
des is vergewe.”[j] **3** En kyk!
sommige van die skrifgeleerdes
het by hulleself gesê: “Hierdie
man laster.”[k] **4** En Jesus, wat
hulle gedagtes geken het,[l] het
gesê: “Waarom dink julle god-
delose dinge in julle harte?[m]
**5** Wat is byvoorbeeld makliker
—om te sê: Jou sondes is ver-
gewe, of om te sê: Staan op en
loop?[a] **6** Sodat julle egter kan
weet dat die Seun van die mens
gesag het op aarde om sondes te
vergewe[b]—” toe het hy vir die
verlamde gesê: “Staan op, tel
jou bed op en gaan na jou huis
toe.”[c] **7** En hy het opgestaan
en na sy huis gegaan. **8** Toe
die skare dit sien, het hulle
vreesbevange geraak, en hulle
het God verheerlik,[d] wat sulke
gesag[e] aan mense gegee het.

**9** Toe Jesus daarvandaan
verder gaan, het hy ’n man met
die naam Matte′us by die belas-
tingkantoor sien sit, en hy het
vir hom gesê: “Word my volge-
ling.”[f] Daarop het hy opgestaan
en hom gevolg.[g] **10** Terwyl hy
later in die huis aan tafel was,[h]
kyk! toe het baie belasting-
gaarders en sondaars gekom en
saam met Jesus en sy dissipels
aan tafel gegaan. **11** Maar toe
die Fariseërs dit sien, het hulle
vir sy dissipels begin sê: “Waar-
om eet julle leermeester saam
met belastinggaarders en son-
daars?”[i] **12** Hy het hulle ge-
hoor en gesê: “Dié wat gesond
is, het nie ’n geneesheer no-
dig nie,[j] maar dié wat siek is,
het wel. **13** Gaan dan en leer
wat dit beteken: ‘Ek wil barm-
hartigheid hê en nie offeran-
des nie.’[k] Want ek het nie ge-
kom om regverdiges te roep nie,
maar sondaars.”

**14** Toe het Johannes se dissi-
pels na hom toe gekom en ge-
vra: “Waarom onderhou ons en
die Fariseërs die vaste, maar u
dissipels vas nie?”[l] **15** Hierop
het Jesus vir hulle gesê: “Die
vriende van die bruidegom het
tog geen rede om te treur so-
lank die bruidegom[m] by hul-
le is nie, of hoe? Maar daar
sal dae kom wanneer die bruide-
gom van hulle weggeneem sal
word,[n] en dan sal hulle vas.[o]

**HFST. 8**
a Mr 5:2; Lu 8:27
b 1Kn 17:18; Lu 4:34; Lu 4:41; Lu 8:28
c Jud 6
d Mr 1:24; Jak 2:19
e De 14:8; Jes 65:4
f Mr 5:13; Lu 8:33
g Mr 5:17; Lu 8:37; Han 16:39

**HFST. 9**
h Mt 4:13; Mr 2:1; Lu 8:37
i Mr 2:3; Lu 5:18; Lu 5:19
j Mr 2:5; Mr 2:9; Lu 5:20
k Mt 26:65; Mr 2:7; Lu 5:21
l Mt 12:25; Mr 2:8
m Sag 8:17; Joh 2:25

**Tweede kol.**
a Mr 2:9
b Mr 2:10; Lu 5:24
c Mr 2:11; Joh 5:8
d Mr 2:12; Lu 5:26; Han 4:21
e Joh 17:2
f Mr 2:14
g Lu 5:27; Lu 5:28
h Lu 5:29
i Mr 2:15; Mr 2:16; Lu 5:30; Lu 7:39; Lu 15:2; Lu 19:7
j Lu 4:23; Lu 5:31
k Spr 21:3; Ho 6:6; Mt 12:7
l Mr 2:18; Lu 5:33; Lu 18:12
m Mt 22:2; Mr 2:19; Lu 5:34; Joh 3:29; Op 21:2
n Mt 26:2; Lu 17:22
o Mr 2:20; Lu 5:35

**16** Niemand werk ’n stuk onge-
krimpte materiaal op ’n ou bo-
kleed vas nie; want die volle
sterkte daarvan sal van die bo-
kleed wegtrek en die skeur sal
erger word.[a] **17** Mense gooi
ook nie nuwe wyn in ou wyn-
sakke nie; maar as hulle dit
doen, dan bars die wynsakke,
en die wyn loop uit en die wyn-
sakke word bederf.[b] Maar men-
se gooi nuwe wyn in nuwe wyn-
sakke, en al twee bly behoue.”[c]

**18** Terwyl hy hulle hierdie
dinge vertel het, kyk! toe het
’n sekere heerser[d] wat nader
gekom het, aan hom hulde be-
gin bewys[e] en gesê: “My dogter
moet nou al dood wees;[f] maar
kom lê u hand op haar en sy sal
lewend word.”[g]

**19** Toe het Jesus opgestaan
en hom begin volg; en ook sy
dissipels. **20** En kyk! ’n vrou
wat twaalf jaar lank aan bloed-
vloeiing gely het,[h] het van agter
gekom en aan die fraiings van
sy bokleed geraak;[i] **21** want
sy het by haarself bly sê: “As
ek net aan sy bokleed raak,
sal ek gesond word.”[j] **22** Jesus
het omgedraai, haar opgemerk
en gesê: “Skep moed, dogter; jou
geloof het jou gesond gemaak.”[k]
En die vrou het van daardie uur
af gesond geword.[l]

**23** En toe hy in die heer-
ser se huis kom[m] en die fluit-
spelers sien en die skare wat te
kere gaan,[n] **24** het Jesus be-
gin sê: “Verlaat die plek, want
die dogtertjie het nie gesterf
nie, maar sy slaap.”[o] Hierop
het hulle hom begin uitlag.[p]
**25** Onmiddellik nadat die ska-
re buitentoe gestuur is, het
hy ingegaan en haar hand ge-
neem,[q] en die dogtertjie het
opgestaan.[r] **26** Die berig hier-
oor het natuurlik deur daardie
hele streek versprei.

**27** Terwyl Jesus daarvan-
daan verder gegaan het, het
twee blindes[a] hom gevolg wat
uitgeroep en gesê het: “Wees
ons barmhartig,[b] Seun van Da-
wid.” **28** Nadat hy in die huis
ingegaan het, het die blindes
na hom toe gekom, en Jesus
het hulle gevra: “Glo julle[c] dat
ek dit kan doen?” Hulle het
hom geantwoord: “Ja, Here.”
**29** Toe het hy hulle oë aan-
geraak[d] en gesê: “Laat dit vir
julle gebeur volgens julle ge-
loof.” **30** En hulle oë is ge-
open. En Jesus het hulle streng
gelas en gesê: “Sorg dat nie-
mand hiervan te wete kom
nie.”[e] **31** Maar nadat hulle
buite gekom het, het hulle dit
omtrent hom in daardie hele
streek bekend gemaak.[f]

**32** En toe hulle weggaan,
kyk! toe het mense ’n stom man
wat van ’n demoon besete was,[g]
na hom toe gebring; **33** en na-
dat die demoon uitgedryf is, het
die stom man gepraat.[h] Wel, die
skare was verbaas[i] en het gesê:
“So iets is nog nooit in Israel
gesien nie.” **34** Maar die Fa-
riseërs het begin sê: “Deur die
heerser van die demone dryf hy
die demone uit.”[j]

**35** En Jesus het op ’n reis
deur al die stede en dorpies ver-
trek en in hulle sinagoges ge-
leer en die goeie nuus van die
koninkryk verkondig en elke
soort kwaal en elke soort ge-
brek genees.[k] **36** Toe hy die
skare sien, het hy vir hulle in-
nig jammer gevoel,[l] want
hulle was gestroop en rondge-
gooi soos skape sonder ’n her-
der.[m] **37** Toe het hy vir sy
dissipels gesê: “Ja, die oes is
groot, maar die werkers is min.[n]
**38** Smeek dan die Heer van die
oes om werkers in sy oes uit te
stuur.”[o]

**HFST. 9**
a Mr 2:21 Lu 5:36
b Mr 2:22 Lu 5:37 Lu 5:38
c Job 32:19
d Mr 5:22
e Lu 8:41
f Lu 8:42
g Lu 4:40 Joh 11:25
h Le 15:25 Mr 5:25
i Mt 14:36 Mr 6:56
j Le 6:27 Lu 8:44
k Mr 10:52 Lu 7:50 Lu 17:19 Lu 18:42 Han 14:9
l Joh 4:53
m Mr 5:38 Lu 8:51
n Lu 8:52
o Mr 5:39 Joh 11:11
p Mr 5:40
q Mr 9:27
r Lu 8:55

**Tweede kol.**
a Mt 20:30
b Mt 15:22 Mt 20:33 Heb 2:17
c Han 14:9
d Mt 20:34
e Jes 42:2 Mt 12:16 Mr 1:44 Lu 5:14
f Mr 1:45 Mr 7:36
g Mt 12:22 Lu 11:14
h Mt 15:31
i Mr 2:12
j Mt 12:24 Mr 3:22 Lu 11:15
k Mt 4:23 Lu 9:11
l Mt 14:14 Heb 4:15
m Nu 27:17 1Kn 22:17 Ese 34:5 Mr 6:34
n Lu 10:2 Joh 4:35
o Mt 13:39 Ro 10:15

**10** Toe het hy sy twaalf dis-
sipels na hom toe geroep
en hulle gesag oor onrein gees-
te gegee,[a] om hulle uit te dryf
en om elke soort kwaal en elke
soort gebrek te genees.

**2** Dít is die name van die
twaalf apostels:[b] Eerstens, Si-
mon, wat Petrus[c] genoem word,
en sy broer Andre′as;[d] en Ja-
kobus, die seun van Sebede′us,[e]
en sy broer Johannes; **3** Filip-
pus en Bartolome′us;[f] Tomas[g]
en Matte′us,[h] die belastinggaar-
der; Jakobus, die seun van Al-
fe′us,[i] en Tadde′us; **4** Simon,
die Kanane′ër,[j] en Judas Iska′ri-
ot, wat hom later verraai het.[k]

**5** Jesus het hierdie twaalf
uitgestuur en hulle hierdie be-
vele gegee:[l] “Moenie op die pad
van die nasies afdraai nie, en
moenie in ’n Samaritaanse
stad ingaan nie;[m] **6** maar hou
eerder aan om na die verlo-
re skape van die huis van Is-
rael te gaan.[n] **7** Terwyl julle
gaan, preek en sê: ‘Die konink-
ryk van die hemele het naby ge-
kom.’[o] **8** Genees siekes,[p] wek
dooies op, maak melaatses rein,
dryf demone uit. Julle het ver-
niet ontvang, verniet moet julle
gee.[q] **9** Moenie goud of silwer
of koper vir julle gordelbeurse
aanskaf nie,[r] **10** of ’n voedsel-
sak vir die reis of twee onder-
kledingstukke of sandale of ’n
staf nie; want die werker is sy
voedsel werd.[s]

**11** “In watter stad of dorpie
julle ook al ingaan, soek
wie daarin verdienstelik is en
bly daar totdat julle vertrek.[t]
**12** Wanneer julle in die huis
ingaan, groet die huismense;
**13** en as die huis verdienste-
lik is, laat die vrede wat jul-
le dit toewens, daaroor kom;[u]
maar as dit nie verdienste-
lik is nie, laat julle vrede na
julle toe terugkeer. **14** Oral
waar iemand julle nie inneem
nie of na julle woorde nie luister
nie, skud die stof van julle voe-
te[a] af wanneer julle uit daar-
die huis of daardie stad uitgaan.
**15** Voorwaar, ek sê vir julle:
Dit sal vir die land van Sodom[b]
en Gomor′ra draagliker wees op
die Oordeelsdag as vir daardie
stad.[c]

**16** “Kyk! Ek stuur julle soos
skape onder wolwe uit;[d] wees
dus versigtig soos slange[e]
en tog onskuldig soos duiwe.[f]
**17** Wees op julle hoede vir die
mense;[g] want hulle sal julle
aan plaaslike geregshowe oorle-
wer,[h] en hulle sal julle in hulle
sinagoges[i] gesel.[j] **18** Julle sal
selfs voor goewerneurs en ko-
nings[k] gesleep word ter wille
van my, as ’n getuienis[l] vir hul-
le en die nasies. **19** Maar wan-
neer hulle julle oorlewer, moet
julle julle nie kwel oor hoe of
wat julle moet sê nie; want
wat julle moet sê, sal in daar-
die uur aan julle gegee word;[m]
**20** want dit is nie net julle
wat praat nie, maar dit is die
gees van julle Vader wat deur
julle praat.[n] **21** Verder sal die
een broer[o] die ander broer aan
die dood oorlewer, en ’n va-
der sy kind, en kinders sal
teen ouers opstaan en hulle laat
doodmaak.[p] **22** En julle sal
weens my naam vir alle men-
se voorwerpe van haat wees;[q]
maar wie tot die einde toe vol-
hard het, hy sal gered word.[r]
**23** Wanneer hulle julle in een
stad vervolg, vlug na ’n ander[s];
want voorwaar, ek sê vir jul-
le: Julle sal hoegenaamd nie die
kring[t] van die stede van Israel

**HFST. 10**

a Mr 3:14; Mr 3:15; Mr 6:7; Lu 9:1
b Mr 3:16; Lu 6:13; Han 1:13; Op 21:14
c Joh 1:42; Han 15:14
d Mr 1:16; Joh 1:40
e Mt 4:21; Mr 3:17
f Mr 3:18; Lu 6:14; Joh 1:45
g Joh 11:16; Joh 20:27
h Mr 2:14; Lu 5:27
i Lu 6:15
j Mr 3:18
k Ps 41:9; Mt 26:47; Joh 13:18
l Mt 28:19; Mr 6:7; Lu 9:2
m 2Kn 17:24; Lu 9:52; Joh 4:9
n Jes 53:6; Jer 50:6; Ese 34:6; Han 13:46
o Mt 4:17; Lu 10:9
p Lu 9:2
q Han 8:20
r Lu 22:35; 1Ko 9:7
s Nu 18:31; Mr 6:8; Lu 9:3; Lu 10:7; 1Ko 9:14; 1Ti 5:18
t Lu 9:4
u Lu 10:5

**Tweede kol.**

a Mr 6:11; Lu 10:6; Lu 10:11; Han 13:51; Han 18:6
b Ge 19:4; 2Pe 2:6; Jud 7
c Mt 11:22; Mt 12:41; Lu 11:32
d Sef 3:3; Han 20:29
e Ge 3:1; Ro 16:19
f Flp 2:15
g Flp 3:2
h Mt 24:9; Mr 13:9
i Mt 23:34
j Han 5:40; 2Ko 11:24
k Han 4:8; Han 24:10; Han 25:23; Han 26:25; Han 27:24
l De 31:26; Mt 24:14; Han 4:20

**m** Jer 1:7; Mr 13:11; Lu 12:11; Lu 21:14; **n** Lu 12:12; Joh 14:26; **o** Mt 10:36; Mt 24:10; **p** Mi 7:6; **q** Mt 24:9; Lu 21:17; Joh 15:21; **r** Mt 24:13; Op 2:10; **s** 2Sa 15:14; Mt 23:34; Han 8:1; **t** Mr 6:6.

voltooi voordat die Seun van
die mens kom nie.[a]

**24** “’n Dissipel is nie bo sy
leermeester nie, en ’n slaaf nie
bo sy heer nie.[b] **25** Dit is ge-
noeg dat die dissipel soos sy
leermeester word, en die slaaf
soos sy heer.[c] As mense die
huisheer Beël′sebub[d] genoem
het, hoeveel te meer sal hul-
le sy huisgenote so noem?
**26** Moet hulle dus nie vrees
nie; want daar is niks bedek
wat nie blootgelê sal word nie,
en geheim wat nie bekend sal
word nie.[e] **27** Wat ek vir jul-
le in die duisternis vertel, moet
julle in die lig sê; en wat julle
hoor gefluister word, moet jul-
le van die dakke af verkon-
dig.[f] **28** En moenie bevrees
word[g] vir dié wat die liggaam
doodmaak, maar die siel nie
kan doodmaak nie; maar vrees
hom[h] eerder wat siel sowel as
liggaam in Gehen′na[i] kan ver-
nietig. **29** Word twee mossies
nie vir ’n muntstuk van geringe
waarde verkoop nie?[j] Tog sal nie
een van hulle sonder julle Vader
se wete op die grond val nie.[k]
**30** Maar selfs die hare op jul-
le kop is almal getel.[l] **31** Moet
dus nie vrees nie: julle is meer
werd as baie mossies.[m]

**32** “Elkeen dan wat voor die
mense eenheid met my bely,
met hom sal ek ook eenheid
bely[n] voor my Vader wat in
die hemele is; **33** maar elkeen
wat my voor die mense verloën,
hom sal ek ook verloën[o] voor
my Vader wat in die hemele
is. **34** Moenie dink dat ek ge-
kom het om vrede op die aar-
de te bring nie; ek het nie ge-
kom om vrede te bring nie,[p]
maar ’n swaard. **35** Want ek
het gekom om verdeeldheid te
veroorsaak: ’n man teen sy va-
der, en ’n dogter teen haar moe-
der, en ’n jong vrou teen haar
skoonmoeder.[a] **36** Ja, ’n mens
se eie huisgenote sal sy vyande
wees. **37** Hy wat groter ge-
neentheid vir vader of moeder
het as vir my, is my nie waardig
nie; en hy wat groter geneent-
heid vir seun of dogter het as
vir my, is my nie waardig nie.[b]
**38** En elkeen wat nie sy folter-
paal aanvaar en my navolg nie,
is my nie waardig nie.[c] **39** Hy
wat sy siel vind, sal dit verloor,
en hy wat sy siel ter wille van
my verloor, sal dit vind.[d]

**40** “Hy wat julle ontvang,
ontvang my ook, en hy wat my
ontvang, ontvang ook hom wat
my uitgestuur het.[e] **41** Hy
wat ’n profeet ontvang omdat
hy ’n profeet is, sal ’n profeet se
beloning kry,[f] en hy wat ’n reg-
verdige man ontvang omdat hy
’n regverdige man is, sal ’n reg-
verdige man se beloning kry.[g]
**42** En elkeen wat een van hier-
die kleintjies net ’n beker koue
water gee om te drink omdat hy
’n dissipel is, voorwaar, ek sê
vir julle, hy sal sy beloning hoe-
genaamd nie verloor nie.”[h]

**11** En toe Jesus klaar in-
struksies aan sy twaalf
dissipels gegee het, het hy daar-
vandaan vertrek om in hulle
stede te leer en te preek.[i]

**2** Maar Johannes, wat in die
tronk[j] gehoor het van die
Christus se werke, het deur
middel van sy dissipels gestuur
**3** en vir hom gesê: “Is u die
Een wat sou kom, of moet ons
’n ander een verwag?”[k] **4** Je-
sus het hulle geantwoord en ge-
sê: “Gaan vertel vir Johannes
wat julle hoor en sien: **5** Die
blindes sien weer,[l] en die kreu-
peles[m] loop rond, die melaatses[n]

**HFST. 10**
a Mt 16:28; Mt 24:14; Ro 10:18; Kol 1:23
b Lu 6:40; Joh 13:16; Joh 15:20
c 1Pe 2:21
d Mt 12:24; Mr 3:22; Lu 11:15; Joh 8:48
e Mr 4:22; Lu 8:17; 1Ko 4:5
f Lu 12:3
g Spr 29:25; Jes 51:12; Ese 3:9; Op 2:10
h Heb 10:31
i Lu 12:5
j Lu 12:6
k De 22:6; Mt 6:26; Lu 12:7
l 1Sa 14:45; 2Sa 14:11; Han 27:34
m Mt 6:26; Lu 12:7
n Lu 12:8; Ro 10:9; Op 3:5
o Mr 8:38; Lu 9:26; Lu 12:9; 2Ti 2:12
p Lu 12:51

**Tweede kol.**
a Mi 7:6; Lu 12:52; Lu 12:53
b De 33:9; Mt 19:29; Lu 14:26
c Mt 16:24; Mr 8:34; Lu 9:23; Lu 14:27
d Mt 16:25; Mr 8:35; Lu 17:33; Joh 12:25
e Mt 25:40; Lu 10:16; Joh 12:44; Joh 13:20
f 1Kn 17:10; 2Kn 4:8
g Jos 2:14; 2Kn 4:13
h Mt 25:40; Mr 9:41; Heb 6:10

**HFST. 11**
i Mt 4:23; Mt 19:1; Lu 9:6
j Mt 14:3; Mr 6:17; Lu 7:18
k Ge 49:10; Da 9:24; Mal 3:1; Mt 3:11; Joh 1:15; Joh 7:31

l Jes 35:5; Jes 61:1; Lu 17:22; m Mt 21:14; n Mt 8:3.

word gereinig en die dowes[a]
hoor, en die dooies[b] word op-
gewek, en aan die armes word
die goeie nuus[c] bekend gemaak;
**6** en gelukkig is hy wat geen
rede tot struikeling in my vind
nie.”[d]

**7** Terwyl hulle weggegaan
het, het Jesus vir die skare oor
Johannes begin sê: “Wat het jul-
le in die wildernis uitgegaan om
te aanskou?[e] ’n Riet wat deur
’n wind heen en weer gewaai
word?[f] **8** Wat het julle dan
uitgegaan om te sien? ’n Man
geklee in sagte klere? Dié wat
sagte klere dra, is immers in die
huise van konings.[g] **9** Waar-
om het julle dan eintlik uitge-
gaan? Om ’n profeet te sien?
Ja, ek sê vir julle, en baie meer
as ’n profeet.[h] **10** Dit is hy
van wie daar geskrywe staan:
‘Kyk! Ek stuur my boodskap-
per voor jou aangesig uit, wat
jou weg voor jou uit sal berei!’[i]
**11** Voorwaar, ek sê vir julle:
Onder dié wat uit vroue gebore
is,[j] is daar niemand groter as Jo-
hannes die Doper verwek nie;
maar iemand wat ’n mindere in
die koninkryk[k] van die heme-
le is, is groter as hy. **12** Maar
van die dae van Johannes die
Doper af tot nou toe is die ko-
ninkryk van die hemele die
doel waarna die mense voor-
uitbeur, en dié wat vooruit-
beur, gryp dit.[l] **13** Want al-
mal, die Profete en die Wet, het
tot op Johannes geprofeteer;[m]
**14** en as julle dit wil aanvaar:
Hy is ‘Eli′a wat bestem is om te
kom’.[n] **15** Laat hom wat ore
het, luister.[o]

**16** “Met wie sal ek hierdie
geslag vergelyk?[p] Dit is soos
jong kinders wat op die mark-
pleine sit en hulle speelmaats
toeroep[q] **17** en sê: ‘Ons het
vir julle op die fluit gespeel,
maar julle het nie gedans nie;
ons het geweeklaag, maar jul-
le het julle nie in droefheid ge-
slaan nie.’[a] **18** Net so het Jo-
hannes gekom en nie geëet of
gedrink nie,[b] en tog sê men-
se: ‘Hy het ’n demoon’; **19** die
Seun van die mens het gekom
en wel geëet en gedrink,[c] en
tog sê mense: ‘Kyk! ’n Mens wat
vraatsugtig en aan wyn ver-
slaaf is, ’n vriend van belasting-
gaarders en sondaars.’[d] Niete-
min, die wysheid word deur sy
werke geregverdig.”[e]

**20** Toe het hy die stede waar-
in die meeste van sy kragtige
werke plaasgevind het, begin
verwyt, omdat hulle nie berou
gehad het nie:[f] **21** “Wee jou,
Go′rasin! Wee jou, Betsai′da![g]
want as die kragtige werke wat
in julle plaasgevind het, in Ti-
rus en Sidon plaasgevind het,
sou hulle lankal in sak en as
berou gehad het.[h] **22** Gevolg-
lik sê ek vir julle: Dit sal vir
Tirus en Sidon draagliker wees
op die Oordeelsdag[i] as vir jul-
le.[j] **23** En jy, Kaper′naum,[k]
sal jy miskien tot die hemel
verhef word? Tot in Ha′des[l] sal
jy afkom;[m] want as die krag-
tige werke wat in jou plaasge-
vind het, in Sodom plaasgevind
het, sou dit tot vandag toe bly
staan het. **24** Gevolglik sê ek
vir julle: Dit sal vir die land van
Sodom draagliker wees op die
Oordeelsdag as vir julle.”[n]

**25** Hierop het Jesus in dié
tyd gesê: “Ek loof u in die open-
baar, Vader, Here van hemel en
aarde, omdat u hierdie dinge vir
die wyse en intellektuele men-
se verberg het en dit aan klein
kindertjies geopenbaar het.[o]
**26** Ja, o Vader, want u het dit
goedgevind om só te handel.
**27** Alles is deur my Vader aan
my oorgegee,[p] en niemand ken

**HFST. 11**

a Mr 7:32; Lu 7:22
b Mr 5:41
c Mt 4:23
d Jes 8:14; Mr 6:3; Lu 7:23; Joh 6:61; 1Ko 1:23; 1Pe 2:8
e Mt 3:5
f Lu 7:24; Ef 4:14
g 1Kn 10:5; Lu 7:25
h Mt 14:5; Mt 21:25; Lu 1:76
i Jes 40:3; Mal 3:1; Mt 3:3; Lu 1:17; Joh 3:28; Joh 10:41
j Lu 1:15
k Joh 3:3
l Lu 13:24
m Lu 16:16
n Mal 4:5; Mt 17:10; Mt 17:12
o Op 2:7
p Mt 12:41; Lu 7:31
q Sag 8:5; Lu 7:32

**Tweede kol.**

a Lu 23:27
b Mt 9:14; Lu 7:33
c Mt 9:10; Mr 2:15; Joh 2:2
d Lu 5:30; Lu 7:34; Lu 15:2; Lu 19:7
e Lu 7:35
f Joh 12:37
g Joh 12:21
h Da 9:3; Jon 3:6; Lu 10:13
i Joh 5:29; Op 20:13
j Lu 10:14
k Lu 4:31
l Jes 14:15
m Lu 10:15
n Mt 10:15; Mt 12:41; Lu 10:12
o Ps 8:2; Jes 29:14; Mt 13:15; Lu 10:21; 1Ko 1:27
p Joh 3:35; Joh 17:2; 1Ko 15:27

die Seun ten volle nie, behal-
we die Vader,[a] en ook ken nie-
mand die Vader ten volle nie,
behalwe die Seun en enigeen
aan wie die Seun bereid is om
hom te openbaar.[b] **28** Kom na
my toe, almal wat swoeg en
swaar belaai is,[c] en ek sal julle
verkwik. **29** Neem my juk[d] op
julle en leer by my,[e] want ek is
saggeaard[f] en nederig van hart,
en julle sal verkwikking[g] vir
julle siele vind. **30** Want my
juk is sag en my vrag is lig."[h]

**12** In daardie tyd het Jesus
op die sabbat deur die
graanlande geloop.[i] Sy dissipels
het honger geword en begin om
are te pluk en te eet.[j] **2** Toe
die Fariseërs dit sien, het hul-
le vir hom gesê:[k] "Kyk! Jou dis-
sipels doen wat nie geoorloof is
om op die sabbat te doen nie."[l]
**3** Hy het vir hulle gesê: "Het
julle nie gelees wat Dawid ge-
doen het toe hy en die man-
ne wat by hom was, honger ge-
word het nie?[m] **4** Hoe hy in
die huis van God ingegaan en
hulle die aanbiedingsbrode[n] ge-
eet het, iets wat vir hom nie ge-
oorloof[o] was om te eet nie, en
ook nie vir dié wat by hom
was nie, maar net vir die pries-
ters?[p] **5** Of het julle nie in die
Wet[q] gelees dat die priesters in
die tempel op die sabbatte die
sabbat as nie-heilig behandel en
onskuldig bly nie?[r] **6** Maar ek
sê vir julle dat iets groter as
die tempel[s] hier is. **7** As julle
egter verstaan het wat dit be-
teken: 'Ek wil barmhartigheid[t]
hê en nie offerandes[u] nie', sou
julle nie die onskuldiges veroor-
deel het nie. **8** Want die Seun
van die mens[v] is Here van die
sabbat."[w]

**9** Nadat hy daarvandaan ver-
trek het, het hy in hulle sina-
goge ingegaan; **10** en kyk! 'n
man met 'n verdorde hand![a] Toe
het hulle hom gevra: "Is dit ge-
oorloof om op die sabbat te ge-
nees?" sodat hulle 'n beskul-
diging teen hom kon inbring.[b]
**11** Hy het vir hulle gesê: "Wat-
ter mens onder julle wat een
skaap het, sal dit nie vasgryp
en uithaal as dit op die sab-
bat in 'n gat val nie?[c] **12** Al-
les in aanmerking geneem, hoe-
veel meer is 'n mens tog werd as
'n skaap![d] Dit is dus geoorloof
om iets goeds op die sabbat te
doen." **13** Toe het hy vir die
man gesê: "Steek jou hand uit."
En hy het dit uitgesteek, en dit
is herstel, gesond soos die an-
der hand.[e] **14** Maar die Fari-
seërs het uitgegaan en teen
hom beraadslaag sodat hulle
hom kon doodmaak.[f] **15** Om-
dat Jesus dit te wete gekom
het, het hy daarvandaan weg-
gegaan. Baie het hom ook ge-
volg, en hy het hulle almal ge-
nees,[g] **16** maar hy het hulle
streng gelas om hom nie open-
baar te maak nie;[h] **17** sodat
vervul sou word wat gespreek
is deur middel van die profeet
Jesaja, wat gesê het:

**18** "Kyk! My kneg[i] wat ek
uitgekies het, my geliefde,[j] wat
my siel goedgekeur het! Ek
sal my gees op hom plaas,[k]
en hy sal aan die nasies dui-
delik maak wat geregtigheid is.
**19** Hy sal nie twis[l] of hard uit-
roep nie, en ook sal niemand sy
stem in die breë strate hoor nie.
**20** 'n Beskadigde riet sal hy
nie verbrysel nie, en 'n smeu-
lende vlaspit sal hy nie uitdoof
nie,[m] totdat hy geregtigheid[n]
met welslae uitstuur. **21** Ja,
nasies sal op sy naam hoop."[o]

**HFST. 11**

a Joh 1:18
b Mt 28:18; Lu 10:22; Joh 10:15; 1Jo 5:20
c Jes 55:2
d 2Ko 6:14; Ga 5:1
e De 18:18
f Nu 12:3; Sag 9:9; 2Ko 10:1
g Jer 6:16
h 1Jo 5:3

**HFST. 12**

i Mr 2:23
j Eks 12:16; De 23:25; Lu 6:1
k Mr 2:24; Lu 6:2
l Eks 20:10; Eks 31:15; De 5:14
m 1Sa 21:6; Mr 2:25; Lu 6:3
n Eks 25:30; Eks 40:23
o Le 24:5; Le 24:9; Mr 2:26
p Eks 29:33; Lu 6:4
q Nu 28:9
r Joh 7:22
s Lu 11:31; Lu 11:32; Joh 2:19
t Mt 23:23
u Ho 6:6; Mi 6:6; Mt 9:13
v Mr 2:28; Lu 6:5
w Eks 34:21; Le 25:4; Le 25:10

**Tweede kol.**

a Mr 3:1; Lu 6:6
b Mr 3:4; Lu 14:3; Joh 9:16
c Eks 21:33; Eks 23:4; De 22:4; Lu 14:5
d Mt 10:31
e Lu 6:10
f Mt 27:1; Mr 3:6; Lu 6:11; Joh 5:18
g Mr 3:7; Lu 6:17
h Mt 8:4; Mr 3:12; Mr 7:36
i Jes 42:1; Hag 2:23; Han 3:13
j Mt 3:17; Mt 17:5
k Jes 61:1; Mr 1:10
l Jes 42:2; 2Ti 2:24

m Mt 11:28; n Hab 1:4; o Jes 11:10; Jes 42:4; Han 4:12; Ro 15:12.

**22** Toe het hulle ’n demoon-
besete man na hom toe ge-
bring wat blind en stom was;
en hy het hom genees, sodat
die stom man gepraat en ge-
sien het. **23** Wel, die hele ska-
re het eenvoudig in vervoering
geraak en begin sê:[a] “Is hy nie
miskien die Seun van Dawid
nie?”[b] **24** Toe die Fariseërs
dit hoor, het hulle gesê: “Hier-
die man dryf die demone nie an-
ders uit as deur middel van
Beël′sebub, die heerser van die
demone,[c] nie.” **25** Hy het hul-
le gedagtes geken[d] en vir hulle
gesê: “Elke koninkryk wat teen
homself verdeeld is, word ver-
woes,[e] en elke stad of huis
wat teen homself verdeeld is,
sal nie bly staan nie. **26** Net
so, as Satan Satan uitdryf, het
hy teen homself verdeeld ge-
raak; hoe sal sy koninkryk
dan bly staan? **27** En as ek
die demone deur middel van
Beël′sebub[f] uitdryf, deur mid-
del van wie dryf julle seuns hul-
le uit? Daarom sal hulle julle
regters wees. **28** Maar as dit
deur middel van God se gees is
dat ek die demone uitdryf, het
die koninkryk van God julle
werklik ingehaal.[g] **29** Of hoe
kan iemand die huis van ’n
sterk man binnedring en sy los-
goed gryp tensy hy die sterk
man eers vasbind? En dan sal
hy sy huis plunder.[h] **30** Hy
wat nie aan my kant is nie, is
teen my, en hy wat nie saam
met my bymekaarmaak nie,
verstrooi.[i]

**31** “Daarom sê ek vir julle:
Elke soort sonde en lastering
sal die mense vergewe word,
maar die lastering teen die
gees sal nie vergewe word nie.[j]
**32** Byvoorbeeld, elkeen wat ’n
woord teen die Seun van die
mens spreek, dit sal hom verge-
we word;[a] maar elkeen wat teen
die heilige gees spreek, dit sal
hom nie vergewe word nie, nee,
nie in hierdie stelsel van dinge
of in die toekomstige nie.[b]

**33** “Julle moet óf die boom
goed maak en sy vrugte goed,
óf julle moet die boom sleg
maak en sy vrugte sleg; want
aan sy vrugte word die boom
geken.[c] **34** Addergebroedsel,[d]
hoe kan julle goeie dinge
sê terwyl julle goddeloos is?[e]
Want uit die oorvloed van die
hart spreek die mond.[f] **35** Die
goeie mens bring uit sy goeie
skat goeie dinge te voorskyn,[g]
terwyl die goddelose mens
uit sy goddelose skat godde-
lose dinge te voorskyn bring.[h]
**36** Ek sê vir julle dat die men-
se op die Oordeelsdag reken-
skap sal gee[i] van elke onvoor-
delige woord wat hulle spreek;
**37** want deur jou woorde sal
jy regverdig verklaar word, en
deur jou woorde sal jy veroor-
deel word.”[j]

**38** As antwoord aan hom het
party van die skrifgeleerdes en
Fariseërs toe gesê: “Leermees-
ter, ons wil ’n teken van u
sien.”[k] **39** Hy het geantwoord
en vir hulle gesê: “ ’n Goddelose
en owerspelige[l] geslag hou aan
om ’n teken te soek, maar dit
sal geen teken gegee word nie,
behalwe die teken van die pro-
feet Jona.[m] **40** Want net soos
Jona[n] drie dae en drie nagte
in die maag van die reusagtige
vis was, so sal die Seun van die
mens[o] drie dae en drie nagte[p]
in die hart van die aarde[q] wees.
**41** Mense van Ni′neve sal in die
oordeel saam met hierdie ge-
slag[r] opstaan en sal dit veroor-
deel;[s] want hulle het berou ge-
had as gevolg van wat Jona[t]
gepreek het, maar kyk! iets
meer as Jona is hier. **42** Die

**HFST. 12**
a Lu 11:14
b Joh 7:31
c Mr 3:22, Lu 11:15
d Joh 2:25
e Mr 3:24, Lu 11:17
f Mr 3:26
g Lu 11:20, 1Jo 3:8
h Jes 49:24, Mr 3:27, Lu 11:22, 1Jo 4:4
i Mr 9:40, Lu 9:50
j Mr 3:28, Han 7:51, Heb 6:4, Heb 6:6, 1Jo 5:16

**Tweede kol.**
a Lu 7:34, Joh 7:12, 1Ti 1:13
b Mr 3:29, Lu 12:10, Heb 10:26
c Mt 7:17, Lu 6:43
d Mt 3:7, Mt 23:33, Lu 3:7
e Job 14:4
f Mt 15:11
g Jes 32:8
h Mt 13:52, Lu 6:45, Jak 3:6
i Pr 12:14, Ro 14:12, Jud 15
j Spr 13:3, Lu 19:22
k Mt 16:1, Mr 8:11, Joh 2:18, 1Ko 1:22
l Jes 57:3, Mt 16:4, Mt 17:17, Mr 8:38, Jak 4:4
m Lu 11:29
n Jon 1:17
o Mt 27:63
p Mt 16:21, Mt 17:23, Lu 24:46
q Mt 27:60, Ef 4:9
r Lu 11:30
s Ro 2:27
t Jon 3:5

koningin van die suide[a] sal in
die oordeel saam met hierdie
geslag opgewek word en sal dit
veroordeel; want sy het van die
eindes van die aarde af gekom
om die wysheid van Salomo te
hoor, maar kyk! iets meer as Sa-
lomo is hier.[b]
**43** “Wanneer ’n onrein gees
uit ’n mens uitkom, trek hy
deur dor plekke op soek na ’n
rusplek en vind nie een nie.[c]
**44** Dan sê hy: ‘Ek sal terug-
gaan na my huis waaruit ek ge-
trek het’; en wanneer hy daar
aankom, vind hy dit onbewoon,
maar skoongevee en versier.
**45** Dan gaan hy en neem sewe
ander geeste wat boser as hy
self is, saam met hom,[d] en nadat
hulle ingekom het, woon hul-
le daar; en die laaste omstan-
dighede van dié mens word er-
ger as die eerste.[e] Só sal dit ook
met hierdie goddelose geslag
wees.”[f]
**46** Terwyl hy nog met die
skare gepraat het, kyk! toe
het sy moeder en broers[g] bui-
te kom staan en wou hulle met
hom praat. **47** En iemand het
vir hom gesê: “Kyk! U moeder
en u broers staan buite en wil
met u praat.” **48** As antwoord
het hy vir die een wat hom
dit vertel het, gesê: “Wie is my
moeder, en wie is my broers?”[h]
**49** En hy het sy hand na sy
dissipels uitgesteek en gesê:
“Kyk! My moeder en my broers![i]
**50** Want elkeen wat die wil
doen van my Vader wat in die
hemel is, dié is my broer en sus-
ter en moeder.”

**13** Nadat Jesus daardie dag
die huis verlaat het, het
hy by die see gesit; **2** en ’n
groot skare het by hom versa-
mel, sodat hy in ’n boot ge-
klim en gaan sit het,[j] en die
hele skare het op die strand ge-
staan. **3** Toe het hy hulle baie
dinge deur illustrasies vertel en
gesê: “Kyk! ’n Saaier het uit-
gegaan om te saai;[a] **4** en ter-
wyl hy gesaai het, het party
sade langs die pad geval, en die
voëls het gekom en dit opge-
eet.[b] **5** Ander het op die rots-
agtige plekke geval, waar dit
nie baie grond gehad het nie,
en dit het dadelik opgeskiet om-
dat dit nie diep grond gehad het
nie.[c] **6** Maar toe die son op-
kom, is dit verskroei, en omdat
dit geen wortel gehad het nie,
het dit verdor.[d] **7** Ook het an-
der tussen die dorings geval,
en die dorings het opgekom en
dit verstik.[e] **8** Nog ander het
op die goeie grond geval, en dit
het vrug begin oplewer,[f] hier-
die een honderd-, daardie een
sestig-, die ander dertigvoudig.[g]
**9** Laat hom wat ore het, luis-
ter.”[h]
**10** Toe het die dissipels na-
der gekom en vir hom gesê:
“Waarom praat u met hulle
deur middel van illustrasies?”[i]
**11** Hy het geantwoord en gesê:
“Aan julle word dit gegee om
die heilige geheime van die ko-
ninkryk van die hemele te ver-
staan,[j] maar aan daardie men-
se word dit nie gegee nie.[k]
**12** Want elkeen wat het, aan
hom sal meer gegee word, en hy
sal oorvloed verkry;[l] maar elk-
een wat nie het nie, van hom
sal weggeneem word selfs wat
hy het.[m] **13** Daarom praat ek
met hulle deur middel van illus-
trasies, want hulle kyk, maar
hulle kyk tevergeefs, en hul-
le hoor, maar hulle hoor te-
vergeefs, en ook begryp hul-
le nie die sin daarvan nie;[n]
**14** en oor hulle gaan die profe-
sie van Jesaja in vervulling, wat
sê: ‘Wanneer julle hoor, sal julle

**HFST. 12**
a 1Kn 10:1; 2Kr 9:1
b Mt 11:16; Mt 12:6; Lu 11:31
c Lu 11:24
d 1Pe 5:8
e Lu 11:26; Joh 5:14; Heb 6:4; Heb 6:6; 2Pe 2:20
f Mr 8:12
g Mt 13:55; Mr 3:31; Joh 2:12; Han 1:14; 1Ko 9:5; Ga 1:19
h Mr 3:33
i Mr 3:35; Joh 14:23; Joh 15:14; Joh 20:17; Ro 8:29; Heb 2:11

**HFST. 13**
j Mr 4:1

**Tweede kol.**
a Mt 13:34; Mr 4:3; Lu 8:4
b Mt 13:19; Mr 4:4; Lu 8:5
c Mr 4:5; Lu 8:6
d Mt 13:20; Mt 13:21; Mr 4:6
e Mt 13:22; Mr 4:7; Mr 4:18; Mr 4:19; Lu 8:7; Heb 6:8
f Joh 15:16
g Mr 4:8; Lu 8:8
h Mt 11:15
i Mt 13:34; Mr 4:10; Lu 8:9
j 1Ko 2:10; Ef 1:9; Kol 1:26
k Lu 8:10
l Mt 25:29
m Mr 4:25; Lu 8:18
n Jes 6:10; Jer 5:21; Ese 12:2; Mr 4:12; Mr 8:18

hoor, maar hoegenaamd nie die
sin daarvan begryp nie; en wan-
neer julle kyk, sal julle kyk,
maar hoegenaamd nie sien nie.[a]
**15** Want die hart van hierdie
volk het onontvanklik geword,
en met hulle ore het hulle ge-
hoor sonder om te reageer, en
hulle het hulle oë gesluit; sodat
hulle nooit met hulle oë sou sien
en met hulle ore sou hoor en
met hulle hart die sin daarvan
sou begryp en terugdraai en ek
hulle genees nie.'[b]

**16** "Maar gelukkig is jul-
le oë[c] omdat hulle sien, en
julle ore omdat hulle hoor.
**17** Want ek sê voorwaar vir
julle: Baie profete[d] en regver-
diges het begeer om die dinge
te sien wat julle sien en het dit
nie gesien nie,[e] en om die dinge
te hoor wat julle hoor en het
dit nie gehoor nie.[f]

**18** "LUISTER dan na die illus-
trasie van die man wat gesaai
het.[g] **19** Wanneer iemand die
woord van die koninkryk hoor,
maar nie die sin daarvan be-
gryp nie, kom die bose[h] en
ruk weg wat in sy hart ge-
saai is; dit is die een wat langs
die pad gesaai is. **20** Wat die
een betref wat op die rotsag-
tige plekke gesaai is, dit is die
een wat die woord hoor en dit
dadelik met vreugde aanneem.[i]
**21** Tog het hy geen wortel in
homself nie maar bly 'n tyd
lank, en nadat daar weens die
woord verdrukking of vervol-
ging ontstaan het, struikel hy
dadelik.[j] **22** Wat die een be-
tref wat tussen die dorings ge-
saai is, dit is die een wat die
woord hoor, maar die sorge van
hierdie stelsel van dinge[k] en die
bedrieglike krag van rykdom
verstik die woord, en hy word
onvrugbaar.[l] **23** Wat die een
betref wat op die goeie grond
gesaai is, dit is die een wat die
woord hoor en die sin daarvan
begryp, wat werklik vrug dra
en voortbring, hierdie een hon-
derd-, daardie een sestig-, die
ander dertigvoudig."[a]

**24** Hy het nog 'n illustrasie
aan hulle voorgehou en gesê:
"Die koninkryk van die heme-
le het geword soos 'n man wat
goeie saad in sy saailand ge-
saai het.[b] **25** Terwyl die men-
se geslaap het, het sy vyand
gekom en onkruid daaroor ge-
saai, tussen die koring in, en
weggegaan. **26** Toe die halm
uitspruit en vrug voortbring,
het die onkruid ook verskyn.
**27** En die slawe van die huis-
heer het nader gekom en vir
hom gesê: 'Heer, het u nie goeie
saad in u saailand gesaai nie?[c]
Hoe kom dit dan dat dit on-
kruid het?'[d] **28** Hy het vir
hulle gesê: ''n Vyand, 'n mens,
het dit gedoen.'[e] Hulle het vir
hom gesê: 'Wil u dan hê dat
ons moet uitgaan en dit by-
mekaar maak?' **29** Hy het ge-
sê: 'Nee; sodat julle nie miskien,
terwyl julle die onkruid byme-
kaarmaak, die koring daarmee
saam uittrek nie. **30** Laat al
twee saam groei tot die oes toe;
en in die oestyd sal ek vir dié
wat oes, sê: Maak eers die on-
kruid bymekaar en bind dit in
bondels om dit te verbrand,[f] en
gaan bring dan die koring in my
voorraadskuur bymekaar.' "[g]

**31** Hy het nog 'n illustrasie
aan hulle voorgehou[h] en gesê:
"Die koninkryk van die hemele
is soos 'n mosterdsaadjie,[i] wat
'n man geneem en in sy land ge-
plant het; **32** wat in werklik-
heid die kleinste van al die
sade is, maar wanneer dit ge-
groei het, is dit die grootste van
die groentesoorte en word dit
'n boom, sodat die voëls van die

**HFST. 13**
a Jes 6:9, Joh 12:40, Han 28:26, Ro 11:8, 2Ko 3:14
b De 32:28, Jes 44:18, Mr 8:17, Heb 5:11
c Lu 10:23
d 1Pe 1:10
e Joh 8:56, Ef 3:5
f Lu 10:24
g Mr 4:14, Lu 8:11
h Mr 4:15, Lu 8:12, 1Pe 5:8
i Jes 58:2, Ese 33:31, Joh 5:35
j Mt 24:10, Mr 4:17, Lu 8:13, 2Ti 1:15
k Lu 12:22
l Mt 6:21, Mr 4:19, Mr 10:23, Lu 8:14, 1Ti 6:9, 2Ti 4:10

**Tweede kol.**
a Mr 4:20, Lu 8:15
b Mr 4:26
c Mt 13:38
d Ge 1:11
e Mt 13:39
f Mt 3:12, Lu 3:17
g Op 14:15
h Mr 4:30
i Mt 17:20, Lu 13:19

hemel[a] kom en blyplek tussen
sy takke vind."[b]
33 Hy het vir hulle nog 'n
illustrasie vertel: "Die konink-
ryk van die hemele is soos suur-
deeg[c] wat 'n vrou geneem en
in drie groot mate meel verberg
het, totdat die hele massa deur-
suur was."
34 Al hierdie dinge het Je-
sus deur illustrasies vir die
skare gesê. Ja, sonder 'n il-
lustrasie het hy nie met hulle
gepraat nie;[d] 35 sodat vervul
sou word wat gespreek is deur
middel van die profeet, wat ge-
sê het: "Ek sal my mond oop-
maak met illustrasies, ek sal
dinge verkondig wat sedert die
grondlegging verborge was."[e]
36 Nadat hy die skare weg-
gestuur het, het hy in die huis
ingegaan. En sy dissipels het na
hom toe gekom en gesê: "Ver-
duidelik vir ons die illustra-
sie van die onkruid in die saai-
land." 37 Hy het geantwoord
en gesê: "Die saaier van die
goeie saad is die Seun van die
mens; 38 die saailand is die
wêreld;[f] wat die goeie saad be-
tref, dit is die kinders van die
koninkryk; maar die onkruid
is die kinders van die bose,[g]
39 en die vyand wat dit gesaai
het, is die Duiwel.[h] Die oes[i] is
'n voleinding van 'n stelsel van
dinge,[j] en dié wat oes, is en-
gele. 40 Net soos die onkruid
dan bymekaargemaak en met
vuur verbrand word, so sal dit
in die voleinding van die stel-
sel van dinge wees.[k] 41 Die
Seun van die mens sal sy engele
uitstuur, en hulle sal alles wat
struikeling veroorsaak[l] en men-
se wat wetteloosheid bedryf,
uit sy koninkryk bymekaar-
maak, 42 en hulle sal hulle
in die vuuroond werp.[m] Dáár
sal hulle gehuil en die gekners
van hulle tande wees.[a] 43 In
dié tyd sal die regverdiges so
helder soos die son[b] skyn[c] in
die koninkryk van hulle Vader.
Laat hom wat ore het, luister.[d]
44 "Die koninkryk van die
hemele is soos 'n skat wat in
die veld weggesteek was, wat 'n
man gevind en weggesteek het;
en weens die vreugde wat hy
het, gaan hy en verkoop[e] wat hy
het en koop hy daardie veld.[f]
45 "Die koninkryk van die
hemele is ook soos 'n reisende
koopman wat goeie pêrels soek.
46 Toe hy een pêrel van groot
waarde vind,[g] het hy wegge-
gaan en dadelik alles verkoop
wat hy gehad het en dit ge-
koop.[h]
47 "Die koninkryk van die
hemele is ook soos 'n sleepnet
wat in die see laat sak word
en allerhande soorte vis byme-
kaarbring.[i] 48 Toe dit vol ge-
word het, het hulle dit op die
strand uitgesleep, en hulle het
gaan sit en die goeies[j] in hou-
ers bymekaargemaak, maar dié
wat nie geskik was nie,[k] het
hulle weggegooi. 49 Só sal dit
in die voleinding van die stel-
sel van dinge wees: die enge-
le sal uitgaan en die goddelo-
ses[l] onder die regverdiges[m] uit
afskei 50 en hulle in die vuur-
oond werp. Dáár sal hulle ge-
huil en die gekners van hulle
tande wees.[n]
51 "Het julle die sin van al
hierdie dinge begryp?" Hulle
het vir hom gesê: "Ja." 52 Toe
het hy vir hulle gesê: "In dié ge-
val is elke openbare onderrig-
ter, wanneer hy van die ko-
ninkryk van die hemele geleer
is,[o] soos 'n man, 'n huisheer,
wat uit sy skatkamer nuwe en
ou dinge te voorskyn bring."[p]
53 En toe Jesus klaar was
met hierdie illustrasies, het hy

**HFST. 13**
a Ps 104:12, Da 4:12
b Ese 17:23
c Lu 13:21, 1Ko 5:6, Ga 5:9
d Mr 4:34
e Ps 78:2, Ro 16:25, 1Ko 2:7
f Mt 24:14, Ro 10:18, Kol 1:6
g Joh 8:44
h 1Jo 3:8
i Jl 3:13, Op 14:15
j Heb 9:26
k Mt 13:30
l Sef 1:3, 1Ko 6:9
m Da 3:6, Mt 13:30, Mt 13:50, Op 21:8

**Tweede kol.**
a Ps 112:10, Mt 8:12, Lu 13:28
b Rig 5:31, 2Sa 23:4
c Da 12:3
d Mr 4:23, Op 2:7
e Flp 3:7
f Jes 55:1, Op 3:18
g Flp 3:8
h Spr 2:4, Spr 8:18
i Mt 22:10
j Le 11:9
k Le 11:12
l Ps 1:5
m Mt 25:32
n Mt 8:12, Mt 22:13
o 1Ko 4:1
p Mt 12:35, Lu 6:45

oor land daarvandaan wegge-
gaan. **54** En nadat hy in sy
tuisgebied[a] gekom het, het hy
hulle in hulle sinagoge[b] begin
leer, sodat hulle verstom was
en gesê het: “Waar het hier-
die man hierdie wysheid en
dié kragtige werke vandaan ge-
kry? **55** Is hy nie die timmer-
man se seun nie?[c] Is sy moeder
se naam nie Maria, en dié van
sy broers Jakobus en Josef en
Simon en Judas nie? **56** En sy
susters, is hulle nie almal by ons
nie?[d] Waar het dié man dan al
hierdie dinge vandaan gekry?”[e]
**57** Toe het hulle aanstoot aan
hom begin neem.[f] Maar Jesus
het vir hulle gesê: “ ’n Profeet
is nie ongeëerd nie, behalwe in
sy tuisgebied en in sy eie huis.”[g]
**58** En weens hulle gebrek aan
geloof[h] het hy nie baie kragtige
werke daar gedoen nie.

**14** In dié tyd het Herodes,
die distriksheerser, die
berig oor Jesus gehoor[i] **2** en
vir sy knegte gesê: “Dit is Jo-
hannes die Doper. Hy is uit die
dode opgewek, en daarom werk
die kragtige werke in hom.”[j]
**3** Want Herodes het Johannes
gearresteer en hom geboei en
hom in die gevangenis gesit
weens Heroʹdias, die vrou van
sy broer Filippus.[k] **4** Want Jo-
hannes het vir hom gesê: “Dit is
u nie geoorloof om haar te hê
nie.”[l] **5** Al wou hy hom dood-
maak, het hy egter die skare
gevrees, omdat hulle hom as ’n
profeet beskou het.[m] **6** Maar
toe Herodes se verjaarsdag[n] ge-
vier is, het die dogter van He-
roʹdias by die geleentheid ge-
dans en Herodes só behaag
**7** dat hy met ’n eed beloof het
om haar te gee net wat sy vra.[o]
**8** Toe het sy, soos voorgesê
deur haar moeder, gesê: “Gee
vir my hier die kop van Johan-
nes die Doper op ’n skottel.”[a]
**9** Al was die koning bedroef,
het hy ter wille van sy ede en
van dié wat saam met hom aan
tafel was, beveel dat dit gegee
moet word;[b] **10** en hy het ge-
stuur en Johannes in die gevan-
genis laat onthoof. **11** En sy
kop is op ’n skottel gebring en
aan die meisie gegee, en sy het
dit na haar moeder gebring.[c]
**12** Uiteindelik het sy dissipels
gekom en die lyk verwyder en
hom begrawe[d] en vir Jesus kom
vertel. **13** Toe Jesus dit hoor,
het hy per boot daarvandaan
weggegaan na ’n eensame plek
om alleen te wees;[e] maar die
skare het dit te hore gekom en
hom van die stede af te voet ge-
volg.

**14** En toe hy te voorskyn
kom, het hy ’n groot skare ge-
sien; en hy het vir hulle in-
nig jammer gevoel,[f] en hy het
hulle siekes genees.[g] **15** Maar
toe dit aand word, het sy dissi-
pels na hom toe gekom en ge-
sê: “Die plek is eensaam en
die uur is reeds ver gevor-
derd; stuur die skare weg, so-
dat hulle in die dorpies kan in-
gaan en vir hulle iets kan koop
om te eet.”[h] **16** Jesus het eg-
ter vir hulle gesê: “Hulle hoef
nie weg te gaan nie: gee julle vir
hulle iets om te eet.”[i] **17** Hul-
le het vir hom gesê: “Ons het
niks hier nie, behalwe vyf brode
en twee visse.”[j] **18** Hy het ge-
sê: “BRING dit hier na my toe.”
**19** Toe het hy die skare beveel
om op die gras te gaan sit, en hy
het die vyf brode en twee vis-
se geneem, na die hemel opge-
kyk en ’n seën gevra,[k] en nadat
hy die brode gebreek het, het
hy dit aan die dissipels uitge-
deel, en die dissipels weer aan
die skare.[l] **20** Toe het almal

**HFST. 13**
a Mt 2:23; Mr 6:1
b Lu 4:16
c Mr 6:3; Lu 3:23; Lu 4:22; Joh 6:42
d Mt 12:46; Joh 2:12; Han 1:14; 1Ko 9:5; Ga 1:19
e Joh 7:15
f Mt 15:12; 1Pe 2:8
g Jer 11:21; Lu 4:24; Joh 4:44
h Mr 6:6

**HFST. 14**
i Mr 6:14; Lu 9:7; Han 4:27
j Mt 16:14; Mr 6:14; Mr 6:16
k Mt 4:12; Mr 6:17; Lu 3:19
l Le 18:16; Le 20:21; Mt 19:9
m Mt 21:26; Mr 6:20; Lu 1:76; Lu 20:6
n Ge 40:20
o 1Sa 14:28; 1Sa 25:22; Mr 6:22

**Tweede kol.**
a Mr 6:24
b Mr 6:26
c Mt 17:12; Mr 6:28
d Mr 6:29; Han 8:2
e Mr 6:31; Lu 9:10
f Mt 9:36; Mt 15:32; Mr 1:41; Lu 7:13; Heb 2:17; Heb 5:2
g Lu 9:11
h Lu 9:12
i Mr 6:37
j Lu 9:13; Joh 6:9
k Mt 15:36; Mr 6:41; Lu 9:16
l Mr 6:39; Joh 6:10

geëet en versadig geword, en
hulle het die oorblywende brok-
stukke opgetel, twaalf mand-
jies vol.[a] **21** Tog was dié wat
geëet het omtrent vyfduisend
manne, buiten die vroue en
jong kinders.[b] **22** Toe het hy
sy dissipels dadelik gedwing om
in die boot te klim en voor hom
uit na die oorkant te gaan, ter-
wyl hy die skare weggestuur
het.[c]

**23** Uiteindelik het hy, nadat
hy die skare weggestuur het,
alleen teen die berg opgegaan
om te bid.[d] Hoewel dit laat
geword het, was hy alleen daar.
**24** Die boot was toe al honder-
de meters van die land af en het
swaar gekry weens die golwe,[e]
want die wind was teen hul-
le. **25** Maar in die vierde nag-
waak het hy oor die see na hulle
toe aangeloop gekom.[f] **26** Toe
die dissipels hom op die see sien
loop, was hulle verontrus en het
hulle gesê: “Dit is ’n versky-
ning!”[g] En hulle het uitgeroep
in hulle vrees. **27** Maar Jesus
het hulle dadelik aangespreek
met die woorde: “Skep moed,
dit is ek;[h] moenie vrees nie.”
**28** Petrus het geantwoord en
vir hom gesê: “Here, as dit u is,
beveel my om oor die waters na
u toe te kom.” **29** Hy het ge-
sê: “Kom!” Daarop het Petrus
van die boot afgeklim,[i] oor die
waters geloop en na Jesus toe
gegaan. **30** Maar toe hy na
die windstorm kyk, het hy bang
geword, en toe hy begin sink,
het hy uitgeroep: “Here, red
my!” **31** Jesus het onmiddel-
lik sy hand uitgesteek en hom
gegryp en vir hom gesê: “Klein-
gelowige, waarom het jy begin
twyfel?”[j] **32** En nadat hulle in
die boot geklim het, het die
windstorm gaan lê. **33** Toe
het dié in die boot aan hom hul-
de bewys en gesê: “U is werk-
lik God se Seun.”[a] **34** En hul-
le het die oorkant bereik en in
Genne′saret aan land gegaan.[b]

**35** Toe die manne van daar-
die plek hom herken, het hulle
in daardie hele omliggende ge-
bied uitgestuur, en die mense
het al die siekes na hom toe ge-
bring.[c] **36** En hulle het hom
gesoebat dat hulle maar net aan
die fraiings van sy bokleed mag
raak;[d] en almal wat daaraan ge-
raak het, het heeltemal gesond
geword.

## 15

Toe het daar Fariseërs en
skrifgeleerdes van Jeru-
salem[e] af na Jesus toe gekom en
gesê: **2** “Waarom oortree jou
dissipels die oorlewering van
die manne van vroeër tye? Hul-
le was byvoorbeeld nie hulle
hande voor hulle eet nie.”[f]

**3** Hy het geantwoord en vir
hulle gesê: “Waarom oortree
julle ook die gebod van
God weens julle oorlewering?[g]
**4** God het byvoorbeeld gesê:
‘Eer jou vader en jou moeder’;[h]
en: ‘Hy wat vader of moeder uit-
skel, moet sterf.’[i] **5** Maar jul-
le sê: ‘Elkeen wat vir sy va-
der of moeder sê: “Enigiets wat
ek het waardeur u voordeel van
my kan ontvang, is ’n gawe wat
aan God gewy is”, **6** hy moet
sy vader glad nie eer nie.’[j] En
so het julle die woord van God
kragteloos gemaak weens julle
oorlewering.[k] **7** Julle huige-
laars,[l] Jesaja[m] het gepas oor jul-
le geprofeteer toe hy gesê het:
**8** ‘Hierdie volk eer my met hul-
le lippe, maar hulle hart is ver
van my verwyderd.[n] **9** Tever-
geefs bly hulle my aanbid, want
hulle leer gebooie van mense
as leerstellings.’ ”[o] **10** Daar-
op het hy die skare nader ge-

**HFST. 14**
a 2Kn 4:44; Mr 8:8; Lu 9:17; Joh 6:12
b Mr 6:44; Lu 9:14; Joh 6:10
c Mr 6:45; Joh 6:15
d Mr 6:46; Lu 6:12; Lu 9:18
e Joh 6:18
f Mr 6:48; Joh 6:19
g Lu 24:37
h Mr 6:50; Joh 6:20; Han 23:11
i Joh 21:7
j Mt 6:30; Mt 8:26; Mt 28:17; Jak 1:6

**Tweede kol.**
a Mt 16:16; Joh 6:69
b Mr 6:53; Joh 6:21
c Mr 6:56
d Le 6:27; Nu 15:38; Mt 9:21; Mr 3:10; Lu 6:19

**HFST. 15**
e Mr 7:1
f Mr 7:2; Lu 11:38; Joh 2:6
g Mt 15:9; Mr 7:8; Kol 2:8; Tit 1:14
h Eks 20:12; De 5:16; Ef 6:2
i Eks 21:17; Le 20:9; De 27:16; Mr 7:10
j Mr 7:12
k Mr 7:13
l Mt 23:13
m Mr 7:6
n Jes 29:13
o Ps 78:37; Ese 33:31; Mr 7:7; Kol 2:22

roep en vir hulle gesê: “Luis-
ter en begryp die sin hiervan:[a]
**11** dit is nie wat in die mond in-
gaan wat ’n mens verontreinig
nie; maar dit is wat uit die mond
uitgaan wat ’n mens verontrei-
nig.”[b]

**12** Toe het die dissipels na-
der gekom en vir hom gesê:
“Weet u dat die Fariseërs aan-
stoot geneem het toe hulle ge-
hoor het wat u sê?”[c] **13** Hy
het geantwoord en gesê: “Elke
plant wat my hemelse Vader nie
geplant het nie, sal ontwortel
word.[d] **14** LAAT hulle begaan.
Hulle is blinde gidse. As ’n blin-
de dan ’n blinde lei, sal albei
in ’n gat val.”[e] **15** Petrus het
geantwoord en vir hom gesê:
“Verduidelik vir ons die illus-
trasie.”[f] **16** Hierop het hy ge-
sê: “Is julle ook nog sonder be-
grip?[g] **17** Besef julle nie dat
alles wat in die mond ingaan,
tot in die ingewande gaan en
in die riool uitgewerp word
nie? **18** Maar die dinge wat
uit die mond uitgaan, kom uit
die hart, en dié dinge veront-
reinig ’n mens.[h] **19** Uit die
hart kom daar byvoorbeeld
goddelose redenasies,[i] moorde,
egbreuk, hoererye, diefstalle,
valse getuienisse, lasteringe.[j]
**20** Hierdie dinge verontreinig
’n mens; maar om met ongewas-
te hande te eet, verontreinig ’n
mens nie.”[k]

**21** Jesus het daarvandaan
vertrek en toe na die streke van
Tirus en Sidon[l] gegaan. **22** En
kyk! ’n Fenisiese[m] vrou uit
daardie streek het uitgekom en
hard uitgeroep en gesê: “Wees
my barmhartig, Here,[n] Seun
van Dawid. My dogter is erg van
’n demoon besete.” **23** Maar
hy het haar nie ’n woord ge-
antwoord nie. Toe het sy dis-
sipels nader gekom en hom be-
gin versoek: “Stuur haar weg;
want sy hou aan om ons agter-
na te roep.” **24** Hy het geant-
woord en gesê: “Ek is nie na
enigiemand behalwe na die ver-
lore skape van die huis van Is-
rael gestuur nie.”[a] **25** Toe die
vrou kom, het sy aan hom hul-
de begin bewys en gesê: “Here,
help my!”[b] **26** Hy het geant-
woord en gesê: “Dit is nie reg
om die kinders se brood te neem
en dit vir hondjies te gooi nie.”
**27** Sy het gesê: “Ja, Here; maar
die hondjies eet tog van die
krummels wat van die tafel van
hulle base afval.”[c] **28** Toe het
Jesus haar geantwoord en gesê:
“O vrou, groot is jou geloof; laat
dit vir jou volgens jou wens ge-
skied.” En haar dogter was van
daardie uur af gesond.[d]

**29** Jesus het oor land daar-
vandaan vertrek en naby die
see van Galile′a gekom,[e] en na-
dat hy teen die berg opgegaan
het,[f] het hy daar gesit. **30** Toe
het groot menigtes na hom toe
gekom wat kreupeles, vermink-
tes, blindes, stommes en baie
ander by hulle gehad het, en
hulle het hulle as ’t ware voor
sy voete gegooi, en hy het hul-
le genees;[g] **31** sodat die skare
verbaas was toe hulle sien dat
die stommes praat en die kreu-
peles loop en die blindes sien, en
hulle het die God van Israel ver-
heerlik.[h]

**32** Maar Jesus het sy dissi-
pels na hom toe geroep en ge-
sê:[i] “Ek voel innig jammer[j] vir
die skare, want dit is al drie
dae dat hulle by my bly, en hul-
le het niks om te eet nie; en
ek wil hulle nie wegstuur son-
der dat hulle geëet het nie. An-
ders beswyk hulle miskien op
die pad.” **33** Die dissipels het

**HFST. 15**
a Mr 7:14
b Mt 12:34
Mr 7:15
Ef 4:29
1Ti 4:4
Jak 3:6
c Mr 7:17
d Joh 15:6
Han 5:38
e Jes 9:16
Mal 2:8
Mt 23:16
Lu 6:39
Joh 9:40
f Mt 13:36
Mr 4:10
Lu 8:9
g Mr 7:18
h Ps 5:9
Mr 7:20
Ro 3:13
i Ge 8:21
De 15:9
Spr 6:14
Jer 17:9
Ro 1:28
j Mr 7:21
Ga 5:19
k Mr 7:23
l Mr 7:24
m 1Kn 17:9
Mr 7:26
Lu 4:26
n Mt 20:30

**Tweede kol.**
a Jes 53:6
Mt 10:6
Han 3:26
Han 13:46
Ro 15:8
b Mr 7:26
c Mr 7:28
d Mr 7:29
Joh 4:53
e Mr 7:31
f Mt 5:1
g Jes 35:5
Mt 19:2
Mr 3:10
Mr 7:32
h Mt 9:33
Mr 7:37
i Mr 8:1
j Mt 14:14
Mr 6:34

egter vir hom gesê: “Waar gaan
ons op hierdie eensame plek ge-
noeg brode kry om so ’n groot
skare te versadig?”[a] **34** Hier-
op het Jesus vir hulle gesê:
“Hoeveel brode het julle?” Hul-
le het gesê: “Sewe, en ’n paar
vissies.” **35** Nadat hy die ska-
re toe opdrag gegee het om op
die grond te gaan sit, **36** het
hy die sewe brode en die vis-
se geneem, en nadat hy gedank
het, het hy dit gebreek en dit
aan die dissipels begin uitdeel,
en die dissipels weer aan die
skare.[b] **37** En almal het geëet
en versadig geword, en hulle
het sewe voorraadmandjies vol
oorblywende brokstukke opge-
tel.[c] **38** Tog was dié wat ge-
eet het vierduisend manne, bui-
ten die vroue en jong kinders.
**39** Uiteindelik het hy, nadat hy
die skare weggestuur het, in die
boot geklim en in die streke van
Ma′gadan[d] gekom.

**16** Hier het die Fariseërs[e]
en Sadduseërs na hom
toe gekom, en om hom te ver-
soek, het hulle hom gevra om
vir hulle ’n teken uit die he-
mel te toon.[f] **2** Hy het geant-
woord en vir hulle gesê: “[[Wan-
neer dit aand word, sê julle
gewoonlik: ‘Dit gaan mooi weer
wees, want die lug is vuurrooi’;
**3** en in die oggend: ‘Dit gaan
vandag winteragtige, reënerige
weer wees, want die lug is vuur-
rooi, maar somber.’ Julle weet
hoe om die voorkoms van die
lug te vertolk, maar die tekens
van die tye kan julle nie ver-
tolk nie.]][g] **4** ’n Goddelose en
owerspelige geslag hou aan om
’n teken te soek, maar dit sal
geen teken gegee word nie,[h] be-
halwe die teken van Jona.”[i]
Daarop het hy weggegaan en
hulle agtergelaat.[j]

**5** En die dissipels het na die
oorkant gegaan en het ver-
geet om brode saam te neem.[a]
**6** Jesus het vir hulle gesê: “Hou
julle oë oop en wees op jul-
le hoede vir die suurdeeg van
die Fariseërs en Sadduseërs.”[b]
**7** Toe het hulle onder mekaar
begin redeneer en gesê: “Ons
het geen brode saamgeneem
nie.” **8** Jesus het dit geweet
en gesê: “Waarom redeneer jul-
le so onder mekaar omdat julle
geen brode het nie, kleingelowi-
ges?[c] **9** Verstaan julle nog nie
waaroor dit gaan nie, of onthou
julle nie die vyf brode in die ge-
val van die vyfduisend en hoe-
veel mandjies julle opgetel het
nie?[d] **10** Of die sewe brode in
die geval van die vierduisend
en hoeveel voorraadmandjies
julle opgetel het nie?[e] **11** Hoe
is dit dat julle nie begryp dat ek
nie met julle oor brode ge-
praat het nie? Maar wees op jul-
le hoede vir die suurdeeg van
die Fariseërs en Sadduseërs.”[f]
**12** Toe het hulle begryp dat hy
nie gesê het dat hulle op hulle
hoede moet wees vir die suur-
deeg van die brode nie, maar vir
die leer[g] van die Fariseërs en
Sadduseërs.

**13** En toe Jesus in die stre-
ke van Sesare′a-Filip′pi gekom
het, het hy sy dissipels gevra:
“Wie sê die mense is die Seun
van die mens?”[h] **14** Hulle het
gesê: “Party sê Johannes die
Doper,[i] ander Eli′a,[j] nog ander
Jeremia of een van die profe-
te.” **15** Hy het vir hulle gesê:
“Maar julle, wie sê julle is ek?”[k]
**16** Simon Petrus het geant-
woord en gesê: “U is die Chris-
tus,[l] die Seun van die lewende
God.”[m] **17** Jesus het geant-
woord en vir hom gesê: “Geluk-
kig is jy, Simon, seun van Jona,
want vlees en bloed het dit nie

**HFST. 15**
a Nu 11:22
2Kn 4:43
Mr 8:4
b De 8:10
1Sa 9:13
Mt 14:19
Mr 8:6
c Mt 16:10
Mr 8:8
d Mr 8:10

**HFST. 16**
e Mt 12:38
f Mr 8:11
Lu 11:16
1Ko 1:22
g Jes 7:14
Mi 5:2
Lu 12:54
h Mr 8:12
i Jon 1:17
j Mt 12:39
Lu 11:29

**Tweede kol.**
a Mr 8:13
Mr 8:14
b Mt 24:4
Mr 8:15
Lu 12:1
Ro 16:17
Kol 2:8
c Mt 8:26
Mr 8:17
d Mt 14:17
Mr 8:19
e Mt 15:34
Mr 8:20
f Le 2:11
Le 6:17
Mr 8:21
Lu 12:1
g Mt 15:3
h Mr 8:27
Lu 9:18
i Mt 14:2
Lu 9:7
j Joh 1:25
k Mr 8:29
Lu 9:20
l Joh 1:41
Joh 4:25
Joh 11:27
m Ps 2:7
Mt 14:33
Han 9:20
Heb 1:2
1Jo 4:15

aan jou geopenbaar nie, maar
my Vader wat in die hemele is.[a]
**18** Ook sê ek vir jou: Jy is Pe-
trus,[b] en op hierdie rots[c] sal ek
my gemeente bou, en die poor-
te van Ha′des[d] sal dit nie oor-
weldig nie.[e] **19** Ek sal jou die
sleutels van die koninkryk van
die hemele gee, en wat jy ook
al op die aarde bind, sal wees
wat in die hemele gebind is, en
wat jy ook al op die aarde ont-
bind, sal wees wat in die heme-
le ontbind is.”[f] **20** Toe het hy
die dissipels streng gelas om vir
niemand te sê dat hy die Chris-
tus is nie.[g]

**21** Van daardie tyd af het Je-
sus Christus vir sy dissipels be-
gin toon dat hy na Jerusalem
moet gaan en baie dinge van die
ouer manne en hoofpriesters en
skrifgeleerdes moet ly en dood-
gemaak en op die derde dag op-
gewek moet word.[h] **22** Hierop
het Petrus hom opsy geneem en
hom begin bestraf en gesê:
“Wees goed vir uself, Here; u
sal glad nie hierdie lot hê nie.”[i]
**23** Maar hy het omgedraai en
vir Petrus gesê: “Gaan agter
my, Satan![j] Jy is ’n struikelblok
vir my, want jy dink nie God
se gedagtes nie,[k] maar dié van
mense.”

**24** Toe het Jesus vir sy dissi-
pels gesê: “As iemand agter
my aan wil kom, laat hy hom-
self verloën en sy folterpaal op-
neem en my voortdurend[l] volg.
**25** Want elkeen wat sy siel wil
red, sal dit verloor; maar elkeen
wat sy siel ter wille van my ver-
loor, sal dit vind.[m] **26** Want
van watter nut sal dit vir ’n
mens wees as hy die hele wê-
reld wen, maar sy siel inboet?[n]
Of wat sal ’n mens in ruil[o] vir
sy siel gee? **27** Want die Seun
van die mens is bestem om met
sy engele in die heerlikheid van
sy Vader te kom, en dan sal hy
elkeen volgens sy gedrag ver-
geld.[a] **28** Voorwaar, ek sê vir
julle dat party van dié wat hier
staan, glad nie die dood sal
smaak voordat hulle eers die
Seun van die mens in sy ko-
ninkryk sien kom het nie.”[b]

**17** Ses dae later het Jesus
vir Petrus en Jakobus en
sy broer Johannes saamgeneem
en hulle alleen teen ’n hoë
berg opgeneem.[c] **2** En hy het
voor hulle van gedaante ver-
ander, en sy gesig het geskyn
soos die son,[d] en sy boklere het
skitterend geword soos die lig.[e]
**3** En kyk! daar het Moses en
Eli′a aan hulle verskyn, in ge-
sprek met hom.[f] **4** In reaksie
hierop het Petrus vir Jesus ge-
sê: “Here, dit is goed dat ons
hier is. As u wil, sal ek drie ten-
te hier oprig: een vir u en een
vir Moses en een vir Eli′a.”[g]
**5** Terwyl hy nog gepraat het,
kyk! toe het ’n helder wolk hul-
le oorskadu, en kyk! ’n stem
uit die wolk wat sê: “Dit is my
Seun, die geliefde, wat ek goed-
gekeur het;[h] luister na hom.”[i]
**6** Toe die dissipels dit hoor,
het hulle op hulle gesigte geval
en baie bang geword.[j] **7** Daar-
op het Jesus nader gekom, aan
hulle geraak en gesê: “Staan op
en moenie vrees nie.”[k] **8** Toe
hulle hulle oë opslaan, het hulle
niemand behalwe Jesus alleen
gesien nie.[l] **9** En terwyl hulle
van die berg afgekom het, het
Jesus hulle beveel en gesê: “Jul-
le moet die visioen vir niemand
vertel voordat die Seun van die
mens uit die dode opgewek is
nie.”[m]

**10** Die dissipels het hom
egter gevra: “Waarom sê die
skrifgeleerdes dan dat Eli′a
eers moet kom?”[n] **11** Hy het

**HFST. 16**
a Mt 11:27; Mt 17:5
b Joh 1:42
c Ro 9:33; 1Ko 3:11; 1Ko 10:4; Ef 2:20; 1Pe 2:8
d Jes 28:18
e Op 1:18
f Mt 18:18; Joh 20:23
g Mr 8:30; Lu 9:21
h Ps 16:10; Jes 53:12; Mt 17:23; Mt 20:19; Mr 8:31; Lu 9:22; Lu 24:46; 1Ko 15:4
i Mr 8:32
j Mt 4:10
k 1Ko 2:11
l Mt 10:38; Mr 8:34; Lu 9:23; Lu 14:27
m Lu 17:33; Joh 12:25; Op 12:11
n Mr 8:36
o Ps 49:8

**Tweede kol.**
a Ps 62:12; Spr 24:12; Ro 2:6; 2Ko 5:10; 1Pe 1:17
b Mt 10:23; Mt 17:2; Mr 9:1

**HFST. 17**
c Mr 9:2; Lu 9:28; 2Pe 1:18
d Eks 34:29
e 2Pe 1:17; Op 1:16
f Mr 9:4
g Mr 9:5
h Ps 2:7; Jes 42:1; Mt 3:17; Lu 9:35
i De 18:15; Han 3:23; Heb 2:3
j Mr 9:6
k Op 1:17
l Mr 9:8
m Mt 16:20; Mr 9:9; Lu 9:36
n Mt 11:14

geantwoord en gesê: “Eli′a kom
inderdaad en sal alles herstel.[a]
**12** Ek sê egter vir julle dat Eli′a
reeds gekom het, en hulle het
hom nie herken nie, maar met
hom gedoen wat hulle wou. So
is ook die Seun van die mens
bestem om onder hulle te ly.”[b]
**13** Toe het die dissipels begryp
dat hy met hulle oor Johannes
die Doper gepraat het.[c]

**14** En toe hulle na die skare
toe aankom,[d] het ’n man na
hom toe gekom, voor hom neer-
gekniel en gesê: **15** “Here,
wees my seun barmhartig,
want hy ly aan epilepsie en is
siek, want hy val dikwels in
die vuur en dikwels in die wa-
ter;[e] **16** en ek het hom na u
dissipels toe gebring, maar hul-
le kon hom nie genees nie.”[f]
**17** Jesus het geantwoord en ge-
sê: “O ongelowige en verdraai-
de geslag,[g] hoe lank moet ek
by julle bly? Hoe lank moet ek
julle verdra? Bring hom hier
na my toe.” **18** Toe het Jesus
die demoon bestraf, en hy het
uit hom uitgekom;[h] en die seun
was van daardie uur af ge-
nees.[i] **19** Daarop het die dis-
sipels alleen na Jesus toe ge-
kom en gesê: “Waarom kon ons
hom nie uitdryf nie?”[j] **20** Hy
het vir hulle gesê: “Weens jul-
le kleingelowigheid. Want voor-
waar, ek sê vir julle: As julle
geloof het so groot soos ’n mos-
terdsaadjie, sal julle vir hierdie
berg sê: ‘Gaan weg hiervandaan
daarnatoe’, en hy sal weggaan,
en niks sal vir julle onmoontlik
wees nie.”[k] **21** ——

**22** Dit was terwyl hulle in
Galile′a bymekaar was dat Je-
sus vir hulle gesê het: “Die
Seun van die mens is bestem om
deur verraad in die hande van
die mense oorgelewer te word,[l]
**23** en hulle sal hom doodmaak,
en op die derde dag sal hy opge-
wek word.”[a] Gevolglik was hul-
le baie bedroef.[b]

**24** Nadat hulle in Kaper′-
naum aangekom het, het die
manne wat die twee dragmas
belasting invorder, na Petrus
toe gekom en gesê: “Betaal julle
leermeester nie die twee drag-
mas belasting nie?”[c] **25** Hy
het gesê: “Ja.” Maar toe hy in
die huis ingaan, het Jesus hom
voorgespring deur te sê: “Wat
dink jy, Simon? Van wie ont-
vang die konings van die aar-
de heffings of hoofbelasting?
Van hulle seuns of van die
vreemdelinge?” **26** Toe hy sê:
“Van die vreemdelinge”, het Je-
sus vir hom gesê: “Dan is die
seuns mos vrygestel van belas-
ting. **27** Maar sodat ons hulle
nie laat struikel nie,[d] gaan na
die see toe, gooi ’n vishoek in en
neem die eerste vis wat opkom,
en wanneer jy sy bek oopmaak,
sal jy ’n statermunt vind. Neem
dit en gee dit aan hulle vir my
en vir jou.”[e]

**18** In daardie uur het die
dissipels by Jesus gekom
en gesê: “Wie is werklik die
grootste in die koninkryk van
die hemele?”[f] **2** Toe het hy ’n
jong kind na hom toe geroep,
hom in hulle midde laat staan[g]
**3** en gesê: “Voorwaar, ek sê vir
julle: Tensy julle omdraai en
soos jong kinders word,[h] sal jul-
le hoegenaamd nie in die ko-
ninkryk van die hemele ingaan
nie.[i] **4** Elkeen dan wat hom
soos hierdie jong kind sal ver-
neder,[j] hy is die grootste in
die koninkryk van die heme-
le;[k] **5** en elkeen wat een jong
kind soos hierdie op grond van
my naam ontvang, ontvang my
ook.[l] **6** Maar elkeen wat een
van hierdie kleintjies wat ge-

**HFST. 17**
a Jes 40:3, Mal 3:1, Mal 4:5, Lu 1:17
b Mt 16:21, Mr 9:13, Lu 23:25
c Lu 1:17
d Lu 9:37
e Mr 9:17
f Lu 9:40
g De 32:5, De 32:20, Flp 2:15
h Mr 9:25
i Mt 8:13, Mt 9:22, Mt 15:28, Joh 4:52
j Mr 9:28
k Mt 21:21, Mr 11:23, Lu 17:6, 1Ko 13:2
l 2Sa 24:14, Mt 20:18, Mr 9:31, Lu 9:44

**Tweede kol.**
a Mt 16:21, Mt 28:6
b Mr 9:32, Lu 9:45
c Eks 30:13, Eks 38:26
d Ro 14:13, 1Ko 8:13, 1Ko 10:32, 2Ko 6:3
e Mr 12:17, Ro 13:7

**HFST. 18**
f Mr 9:34, Lu 9:46, Lu 22:24
g Mr 9:36
h Mt 19:14, 1Ko 14:20, 1Pe 2:2
i Lu 18:17
j Mt 20:26, Mt 23:12, Lu 14:11, Lu 22:26, Jak 4:10
k Spr 15:33, Lu 9:48, 1Pe 5:5
l Mr 9:37

loof in my stel, laat struikel, dit
is vir hom voordeliger dat ’n
meulsteen,[a] soos wat deur ’n
esel gedraai word, om sy nek
gehang en hy in die wye, oop
see gesink word.[b]

7 “Wee die wêreld weens die
struikelblokke! Natuurlik moet
die struikelblokke noodwen-
dig kom,[c] maar wee die mens
deur wie die struikelblok[d] kom!
8 As jou hand of jou voet jou
dan laat struikel, kap dit af en
gooi dit van jou af weg;[e] dit
is vir jou beter om vermink of
kreupel die lewe in te gaan as
om met twee hande of twee voe-
te in die ewige vuur[f] gewerp te
word. 9 En as jou oog jou laat
struikel, ruk dit uit en gooi dit
van jou af weg; dit is vir jou be-
ter om met een oog die lewe in
te gaan as om met twee oë
in die vurige Gehen′na gewerp
te word.[g] 10 Sorg dat julle nie
een van hierdie kleintjies verag
nie; want ek sê vir julle dat hul-
le engele[h] in die hemel altyd die
aangesig aanskou van my Vader
wat in die hemel is.[i] 11 ——

12 “Wat dink julle? As ’n se-
kere man honderd skape het
en een van hulle dwaal af,[j] sal
hy nie die nege-en-negentig op
die berge laat staan en die een
wat afdwaal, gaan soek nie?[k]
13 En as hy hom vind, voor-
waar, ek sê vir julle dat hy bly-
er is oor hom as oor die nege-
en-negentig wat nie afgedwaal
het nie.[l] 14 Net so is dit vir
my Vader wat in die hemel is,
nie wenslik dat een van hierdie
kleintjies vergaan nie.[m]

15 “En as jou broer ’n son-
de begaan, gaan lê sy fout tus-
sen jou en hom alleen bloot.[n]
As hy na jou luister, het jy jou
broer gewen.[o] 16 Maar as hy
nie luister nie, neem nog een of
twee saam met jou, sodat elke
saak uit die mond van twee of
drie getuies bevestig kan word.[a]
17 As hy na hulle nie luister
nie, praat met die gemeente. As
hy selfs na die gemeente nie
luister nie, laat hom vir jou net
soos ’n man van die nasies[b] en
soos ’n belastinggaarder wees.[c]

18 “Voorwaar, ek sê vir jul-
le: Alles wat julle op die aar-
de bind, sal wees wat in die he-
mel gebind is, en alles wat julle
op die aarde ontbind, sal wees
wat in die hemel ontbind is.[d]
19 Voorwaar, ek sê weer vir
julle: As twee van julle op die
aarde saamstem oor enigiets
belangriks wat hulle moet vra,
sal dit deur die toedoen van my
Vader in die hemel vir hulle ge-
skied.[e] 20 Want waar twee of
drie in my naam bymekaar is,[f]
daar is ek in hulle midde.”[g]

21 Toe het Petrus nader ge-
kom en vir hom gesê: “Here,
hoeveel keer kan my broer
teen my sondig en moet ek
hom vergewe?[h] Tot sewe keer?”[i]
22 Jesus het vir hom gesê: “Ek
sê vir jou: Nie ‘tot sewe keer’
nie, maar ‘tot sewe-en-sewentig
keer’.[j]

23 “Daarom het die konink-
ryk van die hemele geword soos
’n man, ’n koning,[k] wat met
sy slawe afrekening wou hou.[l]
24 Toe hy met die afrekening
begin, is daar ’n man inge-
bring wat hom tienduisend ta-
lente [=60 000 000 dena′rii] ge-
skuld het. 25 Maar omdat hy
nie die middele gehad het om
dit terug te betaal nie, het sy
heer beveel dat hy en sy vrou en
sy kinders en alles wat hy het,
verkoop moet word en betaling
gedoen moet word.[m] 26 Daar-
om het die slaaf neergeval en
aan hom hulde begin bewys
en gesê: ‘Wees geduldig met my
en ek sal u alles terugbetaal.’

**HFST. 18**
a Op 18:21
b Mr 9:42; Lu 17:2
c Mt 26:24
d Lu 17:1
e Mt 5:29; Mr 9:43; Kol 3:5
f Mt 25:41
g Mt 5:22; Mt 5:29; Mr 9:47; Ro 8:13
h Han 12:15; Heb 1:14
i Lu 1:19
j 1Pe 2:25
k Lu 15:4
l Lu 15:6
m Lu 15:7; 2Pe 3:9
n Le 19:17; Spr 25:9; Lu 17:3
o Jak 5:20

**Tweede kol.**
a De 19:15; Joh 8:17; 2Ko 13:1; 1Ti 5:19; Heb 10:28
b Joh 18:28; Han 10:28; Han 11:3
c Ro 16:17; 1Ko 5:11
d Mt 16:19; Joh 20:23
e Mr 11:24; Joh 14:13; Joh 16:24; 1Jo 3:22; 1Jo 5:14
f 1Ko 5:4
g Mt 28:20
h Spr 19:11
i Mt 6:12
j Mr 11:25; Lu 17:4; Ef 4:32; Kol 3:13
k Mt 22:2
l Ro 14:12
m Eks 21:7; Le 25:39; 2Kn 4:1; Ne 5:8

**27** Die heer van daardie slaaf
is hierdeur beweeg om vir hom
innig jammer te voel en het
hom laat gaan[a] en hom sy skuld
kwytgeskeld.[b] **28** Maar daar-
die slaaf het uitgegaan en een
van sy medeslawe gevind wat
hom honderd dena′rii geskuld
het;[c] en hy het hom gegryp
en hom begin wurg en gesê:
‘Betaal terug wat jy skuld.’
**29** Daarom het sy medeslaaf
neergeval en hom begin soe-
bat en gesê: ‘Wees geduldig[d]
met my en ek sal jou terug-
betaal.’ **30** Hy wou egter nie,
maar het weggegaan en hom in
die gevangenis laat gooi totdat
hy terugbetaal het wat hy ge-
skuld het. **31** En toe sy mede-
slawe sien wat gebeur het, het
hulle baie bedroef geword, en
hulle het alles wat gebeur het,
aan hulle heer gaan verduide-
lik.[e] **32** Toe het sy heer hom
ontbied en vir hom gesê: ‘God-
delose slaaf, ek het jou al daar-
die skuld kwytgeskeld toe jy
my gesoebat het. **33** Moes jy
nie op jou beurt jou medeslaaf
barmhartig gewees het[f] soos ek
jou ook barmhartig was nie?’[g]
**34** Vertoornd[h] het sy heer hom
toe aan die tronkbewaarders
oorgelewer totdat hy alles te-
rugbetaal het wat hy geskuld
het. **35** Net so[i] sal my hemel-
se Vader ook met julle handel
as julle nie elkeen sy broer van
harte vergewe nie.”[j]

**19** En toe Jesus klaar was
met hierdie woorde, het
hy uit Galile′a vertrek en by
die grensgebiede van Jude′a
oorkant die Jordaan gekom.[k]
**2** En groot menigtes het hom
gevolg, en hy het hulle daar ge-
nees.[l]

**3** En Fariseërs het na hom
toe gekom met die bedoeling
om hom te versoek en het ge-
sê: “Is dit ’n man geoorloof om
op sommer enige grond van sy
vrou te skei?”[a] **4** Hy het ge-
antwoord en gesê: “Het julle
nie gelees dat hy wat hulle ge-
skep het, hulle van die begin af
man en vrou gemaak het nie[b]
**5** en gesê het: ‘Daarom sal ’n
man sy vader en sy moeder ver-
laat[c] en sy vrou aankleef, en
die twee sal een vlees wees’?[d]
**6** Sodat hulle nie meer twee
is nie, maar een vlees. Wat
God dan onder een juk saamge-
voeg het, moet geen mens skei
nie.”[e] **7** Hulle het vir hom ge-
sê: “Waarom het Moses dan
voorgeskryf dat ’n ontslagbrief
gegee en daar van haar geskei
word?”[f] **8** Hy het vir hulle ge-
sê: “Moses het weens die hard-
heid van julle harte[g] die toege-
wing gemaak dat julle van julle
vrouens kan skei, maar dit was
nie van die begin af so nie.[h]
**9** Ek sê vir julle dat elkeen wat
van sy vrou skei, behalwe op
grond van hoerery, en met ’n
ander trou, egbreuk pleeg.”[i]

**10** Die dissipels het vir hom
gesê: “As die saak van ’n man
met sy vrou só staan, is dit
nie raadsaam om te trou nie.”[j]
**11** Hy het vir hulle gesê: “Nie
almal maak plek vir die woord
nie, maar net dié wat die gawe
het.[k] **12** Want daar is eunugs
wat uit hulle moeder se skoot
so gebore is,[l] en daar is eunugs
wat deur die mense eunugs ge-
maak is, en daar is eunugs wat
hulleself eunugs gemaak het
weens die koninkryk van die
hemele. Wie daarvoor plek kan
maak, laat hom daarvoor plek
maak.”[m]

**13** Toe is jong kinders na
hom toe gebring, sodat hy hul-
le die hande sou oplê en sou

**HFST. 18**
a Lu 7:42
b 1Jo 1:9
c Lu 7:41
d Mt 18:26
e Le 5:1
f Mt 6:12; Mt 7:12; Jak 2:13
g Jes 55:7
h Mt 22:7
i Job 34:11; Ps 62:12; Spr 24:12; Ro 2:6
j Spr 21:13; Mt 6:14; Mr 11:25; Lu 17:3; Ef 4:32

**HFST. 19**
k Mr 10:1; Joh 10:40
l Mt 12:15; Mt 14:14; Mt 15:30; Lu 5:15

**Tweede kol.**
a De 24:1; Mt 16:1; Mr 10:2
b Ge 1:27; Ge 5:2; Mr 10:6
c Mr 10:7; Ef 5:31
d Ge 2:24
e Mr 10:9; 1Ko 7:11
f De 24:1; Mt 5:31
g Mr 10:5
h Ge 2:24
i Mal 2:14; Mt 5:32; Mr 10:11; Lu 16:18; Ro 7:3; 1Ko 7:10; Heb 13:4
j 1Ko 7:8; 1Ko 7:38; 1Ko 7:40
k 1Ko 7:7
l De 23:1; Jes 56:3
m 1Ko 7:32; 1Ko 7:38; 1Ko 9:5

bid; maar die dissipels het hul-
le berispe.[a] **14** Jesus het egter
gesê: “Laat staan die jong kin-
ders, en hou op om hulle te ver-
hinder om na my toe te kom,
want die koninkryk van die he-
mele behoort aan dié wat soos
hulle is.”[b] **15** En hy het hul-
le die hande opgelê en daarvan-
daan weggegaan.[c]

**16** En kyk! iemand het na
hom toe gekom en gesê: “Leer-
meester, watter goeie dinge
moet ek doen om die ewige lewe
te kry?”[d] **17** Hy het vir hom
gesê: “Waarom vra jy my oor
wat goed is? Daar is Een wat
goed is.[e] As jy egter die lewe
wil ingaan, hou aan om die
gebooie te bewaar.”[f] **18** Hy
het vir hom gesê: “Watter?”[g]
Jesus het gesê: “Dít: Jy mag
nie moord pleeg nie,[h] Jy mag
nie egbreuk pleeg nie,[i] Jy mag
nie steel nie,[j] Jy mag nie val-
se getuienis aflê nie,[k] **19** Eer
jou vader en jou moeder,[l] en:
Jy moet jou naaste liefhê soos
jouself.”[m] **20** Die jong man
het vir hom gesê: “Ek het dit
alles nagekom; wat kom ek nog
kort?” **21** Jesus het vir hom
gesê: “As jy volmaak wil wees,
gaan verkoop jou besittings en
gee vir die armes, en jy sal ’n
skat in die hemel hê,[n] en kom
word my volgeling.”[o] **22** Toe
die jong man hierdie woord
hoor, het hy bedroef wegge-
gaan, want hy het baie besit-
tings gehad.[p] **23** Maar Jesus
het vir sy dissipels gesê: “Voor-
waar, ek sê vir julle dat dit vir
’n ryk man moeilik sal wees om
in die koninkryk van die heme-
le in te gaan.[q] **24** Ek sê weer
vir julle: Dit is makliker vir ’n
kameel om deur die oog van ’n
naald te gaan as vir ’n ryk man
om in die koninkryk van God in
te gaan.”[r]

**25** Toe die dissipels dit hoor,
het hulle baie groot verbasing
getoon en gesê: “Wie kan dan
gered word?”[a] **26** Jesus het
hulle reguit in die oë gekyk en
vir hulle gesê: “By mense is dit
onmoontlik, maar by God is al-
les moontlik.”[b]

**27** Toe het Petrus geant-
woord en vir hom gesê: “Kyk!
Ons het alles verlaat en u ge-
volg; wat sal daar dan vir ons
wees?”[c] **28** Jesus het vir hulle
gesê: “Voorwaar, ek sê vir jul-
le: In die herskepping, wan-
neer die Seun van die mens
op sy glorieryke troon gaan
sit, sal ook julle wat my gevolg
het, op twaalf trone sit en die
twaalf stamme van Israel oor-
deel.[d] **29** En elkeen wat huise
of broers of susters of vader of
moeder of kinders of landerye
ter wille van my naam verlaat
het, sal baie keer soveel ont-
vang en die ewige lewe beërf.[e]

**30** “Maar baie wat eerste is,
sal laaste wees, en die laastes,
eerste.[f]

**20** “Want die koninkryk
van die hemele is soos
’n man, ’n huisheer, wat vroeg
in die oggend uitgegaan het
om werkers vir sy wingerd[g] te
huur. **2** Toe hy met die wer-
kers ooreengekom het vir ’n
dena′rius per dag,[h] het hy hul-
le in sy wingerd uitgestuur.
**3** Hy het ook omstreeks die
derde uur[i] uitgegaan en ander
werkloos op die markplein sien
staan;[j] **4** en vir dié het hy ge-
sê: ‘Gaan julle ook in die win-
gerd in, en ek sal julle gee
wat billik is.’ **5** Toe het hul-
le gegaan. Hy het omstreeks
die sesde[k] en die negende uur[l]
weer uitgegaan en dieselfde ge-
doen. **6** Laastens het hy om-
streeks die elfde uur uitgegaan

**HFST. 19**

a Mr 10:13; Lu 18:15
b Mt 18:3; Mr 10:14; Lu 18:16
c Mr 10:16
d Mt 19:29; Mr 10:17; Lu 10:25; Lu 18:18
e Mr 10:18
f Le 18:5; Lu 10:28; Lu 18:20
g Lu 10:26
h Eks 20:13; De 5:17; Ro 13:9
i Eks 20:14; De 5:18
j Eks 20:15; De 5:19
k Eks 20:16; De 5:20
l Eks 20:12; De 5:16
m Le 19:18; Mt 22:39; Mr 12:31; Lu 10:27
n Mt 6:20
o Lu 12:33; Lu 18:22; Flp 3:7
p Ps 62:10; Mr 10:22; Lu 18:23
q Mr 10:23; Lu 18:24; 1Ti 6:10
r Mr 10:25; Lu 18:25

**Tweede kol.**

a Mr 10:26
b Ge 18:14; Job 42:2; Jer 32:17; Sag 8:6; Lu 18:27
c Mr 10:28; Lu 5:11; Lu 18:28; Flp 3:8
d Da 7:14; Mt 20:21; Mt 25:31; Lu 18:29; Lu 22:30; 1Ko 6:2; Op 20:4
e Mr 10:30; Lu 18:29; Lu 18:30; Heb 10:34
f Mt 20:16; Mr 10:31; Lu 13:30

**HFST. 20**

g Jes 5:1; Mt 21:33
h Op 6:6
i Mr 15:25; Han 2:15
j Han 17:17
k Mr 15:33; Joh 4:6
l Mt 27:45

en ander gevind wat daar staan,
en hy het vir hulle gesê: ‘Waar-
om staan julle al die hele dag
hier werkloos?’ **7** Hulle het
vir hom gesê: ‘Omdat niemand
ons gehuur het nie.’ Hy het vir
hulle gesê: ‘Gaan julle ook in die
wingerd in.’[a]

**8** “Toe dit aand[b] word, het
die heer van die wingerd vir
sy opsigter gesê: ‘Roep die wer-
kers en betaal hulle hulle loon,[c]
en begin by die laastes tot by
die eerstes.’ **9** Toe die manne
van die elfde uur kom, het
hulle elkeen ’n dena′rius ont-
vang. **10** Toe die eerstes kom,
het hulle dus die gevolgtrek-
king gemaak dat hulle meer sou
ontvang; maar hulle het ook ’n
dena′rius as betaling ontvang.
**11** Toe hulle dit ontvang, het
hulle teen die huisheer[d] begin
murmureer **12** en gesê: ‘Hier-
die laastes het een uur ge-
werk; nogtans het u hulle ge-
lykgemaak aan ons wat die las
van die dag en die versengende
hitte gedra het!’ **13** Maar hy
het een van hulle geantwoord
en gesê: ‘Vriend, ek doen jou
geen onreg aan nie. Jy het met
my ooreengekom vir ’n dena′-
rius, nie waar nie?[e] **14** Neem
wat joune is en gaan. Ek wil vir
hierdie laaste een dieselfde gee
as vir jou.[f] **15** Is dit my nie
geoorloof om met my eie goed
te doen wat ek wil nie? Of is jou
oog goddeloos[g] omdat ek goed
is?’[h] **16** So sal die laastes eer-
ste wees, en die eerstes, laas-
te.”[i]

**17** Omdat Jesus toe op die
punt gestaan het om na Jeru-
salem op te gaan, het hy die
twaalf dissipels[j] eenkant toe
geneem en op die pad vir hul-
le gesê: **18** “Kyk! Ons gaan op
na Jerusalem, en die Seun van
die mens sal aan die hoofpries-
ters en skrifgeleerdes oorgele-
wer word, en hulle sal hom ter
dood veroordeel[a] **19** en hom
aan mense van die nasies oorle-
wer om die spot mee te dryf en
te gesel en aan die paal te
hang,[b] en op die derde dag sal
hy opgewek word.”[c]

**20** Toe het die moeder van
die seuns van Sebede′us[d] saam
met haar seuns na hom toe
gekom en aan hom hulde be-
wys en iets van hom gevra.[e]
**21** Hy het vir haar gesê: “Wat
wil u hê?” Sy het vir hom ge-
sê: “Sê dat hierdie twee seuns
van my in u koninkryk mag sit,
een aan u regter- en een aan u
linkerhand.”[f] **22** Jesus het ge-
antwoord en gesê: “Julle weet
nie wat julle vra nie. Kan julle
die beker drink[g] wat ek op die
punt staan om te drink?” Hul-
le het vir hom gesê: “Ons kan.”
**23** Hy het vir hulle gesê: “Julle
sal inderdaad my beker drink,[h]
maar om aan my regter- en
aan my linkerhand te sit, is nie
myne om te gee nie, maar dit
behoort aan dié vir wie dit deur
my Vader berei is.”[i]

**24** Toe die tien ander hier-
van hoor, het hulle veront-
waardig geword teenoor die
twee broers.[j] **25** Maar Jesus
het hulle na hom toe geroep en
gesê: “Julle weet dat die heer-
sers van die nasies oor hulle
baasspeel en die groot man-
ne oor hulle gesag uitoefen.[k]
**26** Onder julle is dit nie so nie;[l]
maar elkeen wat onder julle
groot wil word, moet julle die-
naar wees,[m] **27** en elkeen wat
onder julle die eerste wil wees,
moet julle slaaf wees.[n] **28** Net
soos die Seun van die mens ge-
kom het, nie om gedien te word
nie, maar om te dien[o] en om sy
siel te gee as ’n losprys in ruil
vir baie.”[p]

**HFST. 20**
a Joh 15:8
b Rig 19:16
c Le 19:13; De 24:15
d Mt 13:27
e Mt 20:2
f Joh 17:2
g De 15:9; Mt 6:23; Mr 7:22
h 1Pe 2:3
i Mt 19:30; Mr 9:35; Mr 10:31; Lu 13:30
j Mr 10:32; Lu 18:31

**Tweede kol.**
a Mt 16:21; Lu 9:22
b Mt 27:31; Joh 19:1
c Mt 17:23; Mt 28:6; Mr 10:34; Lu 18:33; Han 10:40; 1Ko 15:4
d Mt 4:21; Mt 27:56
e Mr 10:35
f Mt 19:28; Mr 10:37
g Mt 26:39; Mr 14:36; Joh 18:11
h Han 12:2; Ro 8:17; 2Ko 1:7; Op 1:9
i Mr 10:40
j Mr 10:41; Lu 22:24
k 1Ko 2:6; 2Ko 1:24
l 1Pe 5:3
m Mt 18:4; Mt 23:11; Mr 10:43; Lu 22:26
n Mr 9:35; Mr 10:44
o Lu 22:27; Joh 13:14; Flp 2:7
p Le 4:21; Jes 53:11; 1Ti 2:6; Tit 2:14; Heb 9:28

**29** En terwyl hulle uit Je′ri-
go[a] uitgegaan het, het ’n groot
menigte hom gevolg. **30** En
kyk! toe twee blindes wat langs
die pad gesit het, hoor dat Je-
sus verbygaan, het hulle uitge-
roep en gesê: “Here, wees ons
barmhartig, Seun van Dawid!”[b]
**31** Maar die skare het hulle
streng aangesê om stil te bly;
tog het hulle net nog harder
geroep en gesê: “Here, wees
ons barmhartig, Seun van Da-
wid!”[c] **32** Toe het Jesus gaan
staan, hulle geroep en gesê:
“Wat wil julle hê moet ek vir
julle doen?” **33** Hulle het vir
hom gesê: “Here, laat ons oë ge-
open word.”[d] **34** Beweeg deur
innige jammerte het Jesus hul-
le oë aangeraak,[e] en onmiddel-
lik kon hulle sien, en hulle het
hom gevolg.[f]

**21** Wel, toe hulle naby Je-
rusalem kom en by Bet-
fa′ge op die Olyfberg aankom,
het Jesus twee dissipels uit-
gestuur[g] **2** en vir hulle gesê:
“Gaan in die dorpie in wat julle
voor julle sien, en julle sal da-
delik ’n eselin vind wat vasge-
maak is, en ’n hingsvul by haar;
maak hulle los en bring hulle na
my toe.[h] **3** En as iemand enig-
iets vir julle sê, moet julle sê:
‘Die Here het hulle nodig.’ Dan
sal hy hulle onmiddellik stuur.”

**4** Dit het in werklikheid
plaasgevind sodat vervul sou
word wat gespreek is deur mid-
del van die profeet, wat gesê
het: **5** “SÊ vir die dogter van
Sion: ‘Kyk! Jou Koning kom na
jou toe,[i] saggeaard,[j] en hy sit op
’n esel, ja, op ’n jong hings, die
vul van ’n pakdier.’ ”[k]

**6** Toe het die dissipels ge-
gaan en gedoen net soos Jesus
hulle beveel het. **7** En hulle
het die eselin en haar hingsvul
gebring, en hulle het hulle bo-
klere op hulle gelê, en hy het
daarop gaan sit.[a] **8** Die groot-
ste deel van die skare het hulle
boklere[b] op die pad uitgesprei,
terwyl ander begin het om tak-
ke van die bome af te kap en
dit op die pad uit te sprei.[c]
**9** Wat die skare betref, dié wat
voor hom uit gegaan het en dié
wat gevolg het, het bly uitroep:
“Red tog[d] die Seun van Dawid![e]
Geseënd is hy wat in Jehovah se
naam kom![f] Red hom tog in die
hoogtes daar bo!”[g]

**10** En toe hy in Jerusalem in-
gaan,[h] het die hele stad in be-
roering gekom en gesê: “Wie is
dit?” **11** Die skare het bly sê:
“Dit is die profeet[i] Jesus, van
Na′saret in Galile′a!”

**12** En Jesus het in die tem-
pel ingegaan en almal wat in die
tempel verkoop en koop, uitge-
dryf en die tafels van die geld-
wisselaars en die banke van
die duiweverkopers omgekeer.[j]
**13** En hy het vir hulle gesê:
“Daar staan geskrywe: ‘My huis
sal ’n huis van gebed genoem
word’,[k] maar julle maak dit ’n
rowerspelonk.”[l] **14** Ook het
blindes en kreupeles na hom
toe gekom in die tempel, en hy
het hulle genees.

**15** Toe die hoofpriesters en
die skrifgeleerdes die wonder-
like dinge sien wat hy doen,[m]
en die seuns wat in die tem-
pel uitroep en sê: “Red tog[n]
die Seun van Dawid!”[o] het hulle
verontwaardig geword **16** en
vir hom gesê: “Hoor jy wat hul-
le sê?” Jesus het vir hulle gesê:
“Ja. Het julle nooit gelees nie:[p]
‘Uit die mond van klein kinder-
tjies en suigelinge het u lof be-
rei’?”[q] **17** En hy het hulle ver-
laat en uit die stad uitgegaan na
Beta′nië en die nag daar deur-
gebring.[r]

**HFST. 20**
a Mr 10:46, Lu 18:35
b Mt 9:27, Mt 15:22, Mr 10:47, Lu 18:38
c Lu 18:39
d Lu 18:41
e Mt 9:29
f Mr 10:52, Lu 18:43

**HFST. 21**
g Mr 11:1, Lu 19:29
h Mr 11:2, Lu 19:30
i Jes 62:11, Joh 12:15
j Mt 11:29
k Sag 9:9

**Tweede kol.**
a 1Kn 1:38, Lu 19:35, Joh 12:14
b 2Kn 9:13, Lu 19:36
c 1Kn 1:40, Joh 12:13
d Ps 118:25
e Mt 9:27, Mt 21:15
f Ps 118:26, Mt 23:39, Lu 13:35, Joh 5:43, Joh 12:13
g Lu 2:14
h Mr 11:11
i Mt 21:46, Lu 7:16, Lu 24:19
j Mr 11:15, Lu 19:45, Joh 2:15
k 2Kr 6:33, Jes 56:7
l Jer 7:11, Mr 11:17, Lu 19:46, Joh 2:16
m Mr 11:18
n Ps 118:25
o Mt 21:9
p Lu 6:3
q Ps 8:2
r Mr 11:11, Lu 21:37, Joh 11:1

**18** Terwyl hy vroeg die og-
gend na die stad teruggekeer
het, het hy honger geword.[a]
**19** En hy het ’n vyeboom langs
die pad gesien en daarheen ge-
gaan, maar hy het niks daaraan
gevind nie,[b] behalwe net blare,
en hy het vir hom gesê: “Laat
geen vrug tot in ewigheid ooit
weer van jou kom nie.”[c] En die
vyeboom het oombliklik ver-
dor. **20** Maar toe die dissipels
dit sien, was hulle verwonderd
en het hulle gesê: “Hoe is dit dat
die vyeboom oombliklik ver-
dor het?”[d] **21** Jesus het geant-
woord en vir hulle gesê: “Voor-
waar, ek sê vir julle: As julle
maar geloof het en nie twyfel
nie,[e] sal julle nie net doen wat
ek aan die vyeboom gedoen het
nie, maar ook as julle vir hier-
die berg sê: ‘Word opgelig en in
die see gewerp’, sal dit gebeur.[f]
**22** En alles wat julle in gebed
met geloof vra, sal julle ont-
vang.”[g]

**23** En nadat hy in die tempel
ingegaan het, het die hoofpries-
ters en die ouer manne van die
volk na hom toe gekom terwyl
hy geleer het en gesê:[h] “Deur
watter gesag doen jy hierdie
dinge? En wie het jou hierdie
gesag gegee?”[i] **24** Jesus het
geantwoord en vir hulle gesê:
“Ek sal julle ook een ding vra.
As julle dit vir my sê, sal ek ook
vir julle sê deur watter gesag ek
hierdie dinge doen:[j] **25** Die
doop deur Johannes, uit watter
bron was dit? Uit die hemel of
uit die mense?”[k] Maar hulle het
onder mekaar begin redeneer
en gesê: “As ons sê: ‘Uit die he-
mel’, sal hy vir ons sê: ‘Waar-
om het julle hom dan nie ge-
glo nie?’[l] **26** As ons egter sê:
‘Uit die mense’, het ons die ska-
re om te vrees,[m] want hulle al-
mal beskou Johannes as ’n pro-
feet.”[a] **27** Toe het hulle Jesus
geantwoord en gesê: “Ons weet
nie.” Hierop het hy vir hulle ge-
sê: “Dan sê ek ook nie vir jul-
le deur watter gesag ek hierdie
dinge doen nie.[b]

**28** “Wat dink julle? ’n Man
het twee kinders gehad.[c] Hy
het na die eerste toe gegaan
en gesê: ‘Kind, gaan werk van-
dag in die wingerd.’ **29** Dié
het geantwoord en gesê: ‘Ek
sal, heer’,[d] maar het nie uit-
gegaan nie. **30** Hy het na die
tweede toe gegaan en dieself-
de gesê. Dié het geantwoord en
gesê: ‘Ek sal nie.’ Agterna het
hy spyt gevoel[e] en uitgegaan.
**31** Wie van die twee het die wil
van sy vader gedoen?”[f] Hulle
het gesê: “Laasgenoemde.” Je-
sus het vir hulle gesê: “Voor-
waar, ek sê vir julle dat die
belastinggaarders en die hoere
voor julle in die koninkryk van
God ingaan. **32** Want Johan-
nes het in ’n weg van regverdig-
heid na julle toe gekom,[g] maar
julle het hom nie geglo nie.[h] Die
belastinggaarders en die hoere
het hom egter geglo,[i] en al het
julle dit gesien, het julle nie
agterna spyt gevoel sodat julle
hom geglo het nie.

**33** “Hoor nog ’n illustrasie:
Daar was ’n man, ’n huisheer,[j]
wat ’n wingerd geplant het
en ’n heining daarom gesit
en ’n wynpers daarin gegrawe
en ’n toring opgerig het,[k] en
hy het dit aan landbouers ver-
huur en na die buiteland ge-
reis.[l] **34** Toe die vrugtetyd
naby kom, het hy sy slawe
na die landbouers toe gestuur
om sy vrugte te kry. **35** Die
landbouers het egter sy slawe
geneem, en hulle het die een
geslaan, ’n ander doodgemaak,

**HFST. 21**
a Mr 11:12
b Mr 11:13; Lu 13:6
c Mt 3:10
d Mr 11:21
e Jak 1:6
f Mt 17:20; Lu 17:6; 1Ko 13:2
g Mr 11:24; Lu 11:9; Joh 14:13; Jak 1:5; 1Jo 3:22
h Mr 11:27; Lu 20:1
i Eks 2:14; Lu 20:2; Joh 2:18; Han 4:7
j Mr 11:29
k Lu 20:4; Joh 1:33
l Mt 21:32; Mr 11:31; Lu 7:30
m Mt 14:5; Mt 21:46

**Tweede kol.**
a Mr 11:32; Lu 20:6
b Lu 20:8
c Lu 15:11
d Mt 7:21; Lu 6:46
e Spr 24:32
f Lu 18:14
g Mt 21:25; Lu 7:30
h Joh 7:48
i Mr 2:15; Lu 3:12; Lu 7:29
j Mt 20:1
k Jes 5:2; Jer 2:21
l Mr 12:1; Lu 20:9

’n ander gestenig.[a] **36** Weer
het hy ander slawe gestuur,
meer as die eerstes, maar hul-
le het dieselfde met dié ge-
doen.[b] **37** Laastens het hy sy
seun na hulle toe gestuur en
gesê: ‘Hulle sal my seun re-
spekteer.’ **38** Toe die land-
bouers die seun sien, het hul-
le onder mekaar gesê: ‘Dit is
die erfgenaam;[c] kom, laat ons
hom doodmaak en sy erfenis
kry!’[d] **39** Toe het hulle hom
geneem en hom uit die win-
gerd uitgegooi en hom doodge-
maak.[e] **40** Wanneer die eie-
naar van die wingerd dan kom,
wat sal hy aan daardie land-
bouers doen?” **41** Hulle het
vir hom gesê: “Omdat hulle
boos is, sal hy ’n bose vernieti-
ging[f] oor hulle bring en die
wingerd aan ander landbouers
verhuur wat hom die vrugte
sal gee wanneer die tyd daar-
voor aanbreek.”[g]

**42** Jesus het vir hulle gesê:
“Het julle nooit in die Skrif ge-
lees nie: ‘Die steen wat die bou-
ers verwerp het,[h] is die een
wat die hoofhoeksteen geword
het.[i] Jehovah het dit teweeg-
gebring, en dit is wonderlik in
ons oë’? **43** Daarom sê ek vir
julle: Die koninkryk van God
sal van julle weggeneem en
aan ’n nasie gegee word wat
die vrugte daarvan voortbring.[j]
**44** Ook sal die een wat op hier-
die steen val, verpletter word.
Wat iemand betref op wie dit
val, dit sal hom vermorsel.”[k]

**45** En toe die hoofpriesters
en die Fariseërs sy illustra-
sies gehoor het, het hulle be-
gryp dat hy van hulle praat.[l]
**46** Maar al was hulle daarop uit
om hom gevange te neem, het
hulle die skare gevrees, omdat
dié hom as ’n profeet beskou
het.[m]

**22** En Jesus het geantwoord
en weer deur illustrasies
met hulle gepraat en gesê:[a]
**2** “Die koninkryk van die he-
mele het geword soos ’n man,
’n koning, wat ’n huweliks-
fees[b] vir sy seun voorberei het.
**3** En hy het sy slawe uitge-
stuur om die genooides na die
huweliksfees te roep,[c] maar hul-
le wou nie kom nie.[d] **4** Weer
het hy ander slawe uitgestuur[e]
en gesê: ‘Sê vir die genooi-
des: “Kyk! Ek het my middag-
maal voorberei,[f] my bulle en
vetgemaakte vee is geslag en
alles is gereed. Kom na die
huweliksfees.” ’[g] **5** Maar hul-
le het ongeërg weggegaan, een
na sy eie saailand, ’n ander
na sy handelsbedrywighede;[h]
**6** maar die res het sy slawe ge-
gryp, hulle minagtend behandel
en hulle doodgemaak.[i]

**7** “Maar die koning het toor-
nig geword en sy leërs ge-
stuur en daardie moordenaars
doodgemaak en hulle stad af-
gebrand.[j] **8** Toe het hy vir sy
slawe gesê: ‘Die huweliksfees
is wel gereed, maar die genooi-
des was dit nie waardig nie.[k]
**9** Gaan dan na die paaie wat uit
die stad lei en nooi enigeen wat
julle vind na die huweliksfees.’[l]
**10** Daarop het daardie slawe na
die paaie uitgegaan en almal
bymekaargemaak wat hulle ge-
vind het, goddeloses sowel as
goeies;[m] en die vertrek vir die
huwelikseremonie is gevul met
dié wat aan tafel gegaan het.[n]

**11** “Toe die koning inkom
om die gaste te bekyk, het
hy ’n man daar gesien wat nie
in ’n huweliksklee[o] geklee was
nie. **12** En hy het vir hom
gesê: ‘Vriend, hoe het jy hier
ingekom sonder ’n huweliks-
kleed aan?’[p] Hy was sprakeloos.
**13** Toe het die koning vir sy

**HFST. 21**
a Ne 9:26, Mt 22:6, Lu 20:10
b 2Kr 36:15, Mr 12:5, Han 7:52, 1Te 2:15, Heb 11:37
c Heb 1:2
d Lu 20:14
e Mt 27:18, Mr 12:8, Han 2:23, Han 3:15, Heb 13:12
f Sag 12:2
g Mr 12:9, Lu 20:16, Han 18:6
h Ps 118:22, 1Pe 2:7
i Jes 28:16, Mr 12:10, Lu 20:17, Han 4:11, Ro 9:33, Ef 2:20
j Mt 8:12, Mt 22:9, Heb 8:9
k Jes 8:14, Da 2:34, Da 2:44, Lu 20:18, 1Pe 2:8
l Lu 20:19
m Mt 21:11, Mr 12:12, Joh 7:32, Joh 7:40

**Tweede kol.**

**HFST. 22**
a Lu 14:16
b Ge 29:22, Mt 9:15, Op 19:9
c Joh 13:20
d Lu 14:17
e Mt 21:36
f Rig 14:10
g Op 19:9
h Lu 14:18
i Mt 21:35, Mt 23:37, 1Te 2:15
j Da 9:26, Lu 19:27
k Han 13:46
l Mt 21:43, Lu 14:21
m Mt 13:47
n Mr 2:15
o Op 19:8
p Ef 4:24

knegte gesê: ‘Bind sy hande en
voete vas en gooi hom uit in die
duisternis daar buite. Dáár sal
sy gehuil en die gekners van sy
tande wees.’[a]
**14** “Want baie is genooi,
maar min is uitgekies.”[b]
**15** Daarop het die Fariseërs
weggegaan en saam beraad-
slaag om hom met sy woorde
vas te trek.[c] **16** Toe het hul-
le hulle dissipels, saam met par-
tyaanhangers van Herodes,[d]
na hom toe gestuur om te sê:
“Leermeester, ons weet dat u
waaragtig is en die weg van
God in waarheid leer en u aan
niemand steur nie, want u sien
nie mense se uiterlike aan nie.[e]
**17** Sê dan vir ons: Wat dink u?
Is dit geoorloof om hoofbe-
lasting aan die keiser te be-
taal of nie?”[f] **18** Maar Jesus
het hulle goddeloosheid geken
en gesê: “Waarom stel julle
my op die proef, huigelaars?[g]
**19** Wys my die hoofbelasting-
munt.” Hulle het vir hom ’n de-
na′rius gebring. **20** En hy het
vir hulle gesê: “Wie se beeld
en opskrif is dit?”[h] **21** Hulle
het gesê: “Die keiser s’n.” Toe
het hy vir hulle gesê: “Betaal
dan aan die keiser terug wat
aan die keiser behoort, maar
aan God wat aan God behoort.”[i]
**22** Wel, toe hulle dit hoor, was
hulle verwonderd, en hulle het
hom verlaat en weggegaan.[j]
**23** Op daardie dag het daar
Sadduseërs, wat sê dat daar
geen opstanding is nie, na
hom toe gekom en hom ge-
vra:[k] **24** “Leermeester, Mo-
ses het gesê: ‘As ’n man sterf
sonder dat hy kinders het, moet
sy broer met sy vrou trou en
’n nageslag vir sy broer ver-
wek.’[l] **25** Daar was dan nou
sewe broers by ons; en die eer-
ste het getrou en gesterf, en
omdat hy nie ’n nageslag gehad
het nie, het hy sy vrou aan sy
broer nagelaat.[a] **26** Dieselfde
het ook met die tweede en die
derde gebeur, uiteindelik met
al sewe.[b] **27** Laaste van almal
het die vrou gesterf. **28** Wat-
ter een van die sewe se vrou
sal sy gevolglik in die opstan-
ding wees? Want hulle almal
het haar gehad.”[c]
**29** Jesus het geantwoord en
vir hulle gesê: “Julle vergis jul-
le, omdat julle nie die Skrif en
ook nie die krag van God ken
nie;[d] **30** want in die opstan-
ding trou manne nie en word
vroue ook nie in die huwelik ge-
gee nie,[e] maar is hulle soos en-
gele in die hemel. **31** Wat die
opstanding van die dooies be-
tref, het julle nie gelees wat
God tot julle gespreek het nie,
toe hy gesê het:[f] **32** ‘Ek is die
God van Abraham en die God
van Isak en die God van Ja-
kob’?[g] Hy is die God, nie van die
dooies nie, maar van die lewen-
des.”[h] **33** Toe die skare dit
hoor, was hulle verstom oor sy
leer.[i]
**34** Nadat die Fariseërs ge-
hoor het dat hy die Sadduseërs
die swye opgelê het, het hulle
in een groep bymekaargekom.
**35** En een van hulle, wat met
die Wet vertroud was,[j] het hom
op die proef gestel deur te
vra: **36** “Leermeester, wat is
die grootste gebod in die Wet?”[k]
**37** Hy het vir hom gesê: “‘Jy
moet Jehovah jou God liefhê
met jou hele hart en met jou
hele siel en met jou hele ver-
stand.’[l] **38** Dit is die groot-
ste en eerste gebod. **39** Die
tweede, soortgelyk hieraan, is
dit: ‘Jy moet jou naaste liefhê
soos jouself.’[m] **40** Aan hierdie
twee gebooie hang die hele Wet
en die Profete.”[n]

**HFST. 22**
a Ps 112:10, Mt 8:12, Mt 13:42, Mt 24:51, Mt 25:30
b Mt 7:14, Lu 13:23
c Mr 12:13, Lu 20:20
d Mr 3:6, Mr 12:13
e Lu 20:21, Joh 3:2
f Mt 17:25, Lu 20:22
g Mr 12:15
h Mr 12:16
i Da 3:18, Mal 3:8, Mr 12:17, Lu 20:25, Lu 23:2, Ro 13:7
j Lu 20:26
k Mr 12:18, Lu 20:27, Han 4:2, Han 23:8
l Ge 38:8, De 25:5, Rut 1:11, Rut 3:13, Mr 12:19

**Tweede kol.**
a Lu 20:29
b Mr 12:21, Lu 20:31
c Mr 12:23, Lu 20:33
d Mr 12:24
e Lu 20:35
f Mr 12:26
g Eks 3:6, Han 3:13, Heb 11:16
h Lu 20:37, Lu 20:38, Ro 4:17
i Mt 7:28, Mr 11:18
j Lu 10:25
k Mr 12:28
l De 6:5, De 10:12, Jos 22:5, Mr 12:30, Lu 10:27
m Le 19:18, Mr 12:31, Lu 10:27, Kol 3:14, Jak 2:8, 1Pe 1:22
n Ro 13:10, Ga 5:14

**41** En terwyl die Fariseërs
bymekaar was, het Jesus hul-
le gevra:[a] **42** “Wat dink julle
van die Christus? Wie se seun
is hy?” Hulle het vir hom ge-
sê: “Dawid s’n.”[b] **43** Hy het
vir hulle gesê: “Hoe is dit dan
dat Dawid hom deur inspirasie[c]
‘Here’ noem en sê: **44** ‘Jeho-
vah het vir my Here gesê: “Sit
aan my regterhand totdat ek
jou vyande onder jou voe-
te stel” ’?[d] **45** As Dawid hom
dan ‘Here’ noem, hoe is hy sy
seun?”[e] **46** En niemand kon
hom ’n woord antwoord nie, en
ook het niemand hom van daar-
die dag af enigsins verder durf
uitvra nie.[f]

**23** Toe het Jesus met die
skare en met sy dissi-
pels[g] gepraat en gesê: **2** “Die
skrifgeleerdes[h] en die Fariseërs
het op die stoel van Moses[i] gaan
sit. **3** Alles wat hulle dan vir
julle sê,[j] doen en onderhou dit,
maar volgens hulle dade moet
julle nie doen nie,[k] want hul-
le sê maar doen nie. **4** Hulle
bind swaar vragte saam en sit
dit op die skouers van die men-
se,[l] maar self is hulle nie be-
reid om dit met hulle vinger
te verroer nie.[m] **5** Al die wer-
ke wat hulle doen, doen hulle
om deur die mense gesien te
word;[n] want hulle maak die ge-
skriftedosies[o] breër wat hulle
as beskermmiddel dra, en hul-
le vergroot die fraiings[p] van
hulle klere. **6** Hulle hou van
die vernaamste plek[q] by aand-
maaltye en die voorste sitplek-
ke in die sinagoges[r] **7** en die
begroetinge[s] op die markpleine
en om deur die mense Rabbi[t]
genoem te word. **8** Maar julle
moet julle nie Rabbi laat noem
nie, want een is julle leermees-
ter,[u] terwyl julle almal broers
is. **9** Wat meer is, moet nie-
mand op aarde julle vader noem
nie, want een is julle Vader,[a]
die Een in die hemel. **10** Moet
julle ook nie ‘leiers’ laat noem
nie,[b] want een is julle Lei-
er, die Christus. **11** Maar die
grootste onder julle moet jul-
le dienaar wees.[c] **12** Elkeen
wat hom verhef, sal verneder
word,[d] en elkeen wat hom ver-
neder, sal verhef word.[e]

**13** “Wee julle, skrifgeleerdes
en Fariseërs, huigelaars! want
julle sluit[f] die koninkryk van
die hemele toe voor die mense;
want julle[g] gaan self nie in nie,
en ook laat julle dié wat op pad
in is, nie toe om in te gaan nie.
**14** ——

**15** “Wee julle, skrifgeleerdes
en Fariseërs, huigelaars![h] want
julle trek rond oor see en droë
land om een proseliet te maak,
en wanneer hy dit word, maak
julle hom ’n voorwerp vir Ge-
hen′na, twee keer erger as julle-
self.

**16** “Wee julle, blinde gidse,[i]
wat sê: ‘As iemand by die tem-
pel sweer, is dit niks; maar as
iemand by die goud van die tem-
pel sweer, staan hy onder ver-
pligting.’[j] **17** Dwase en blin-
des! Wat is in werklikheid
groter: die goud of die tem-
pel wat die goud geheilig het?[k]
**18** En: ‘As iemand by die al-
taar sweer, is dit niks; maar
as iemand by die gawe daar-
op sweer, staan hy onder ver-
pligting.’ **19** Blindes! Wat is in
werklikheid groter: die gawe of
die altaar[l] wat die gawe hei-
lig? **20** Hy wat dan by die al-
taar sweer, sweer dáárby en
by alles daarop; **21** en hy wat
by die tempel sweer, sweer
dáárby en by hom wat daar-
in woon;[m] **22** en hy wat by die
hemel sweer, sweer by die troon

HFST. 22
a Mr 12:35
b Lu 20:41, Joh 7:42
c 2Sa 23:2
d Ps 110:1, Han 2:34, 1Ko 15:25, Heb 1:13, Heb 10:13
e Mr 12:37
f Mr 12:34, Lu 20:40

HFST. 23
g Lu 20:45
h Mr 12:38
i Eks 18:13
j Mal 2:7
k Mal 2:8
l Mt 11:28, Han 15:10
m Lu 11:46
n Mt 6:1
o De 6:8
p Nu 15:38, De 22:12
q Mr 12:39, Lu 14:7, Lu 14:10
r Lu 11:43
s Lu 20:46
t Job 32:22
u Joh 13:13

Tweede kol.
a Mt 6:9
b 1Pe 5:3
c Mt 20:26, Mr 9:35, Lu 22:26
d Spr 16:18, Spr 29:23
e Spr 15:33, Mt 18:4, Lu 14:11, Ro 12:3, Ef 4:2, 1Pe 5:5
f Mt 16:19
g Lu 11:52
h Mt 6:2, Mt 7:5, Lu 12:56
i Mt 15:14, Ro 2:19
j Mt 5:34
k Eks 30:29
l Eks 29:37
m 1Kn 8:13, Ps 11:4, Ps 26:8, Ps 132:14

van God[a] en by hom wat daarop sit.

**23** “Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! want julle gee die tiende[b] van die kruisement en die dille en die komyn, maar julle het die gewigtiger sake van die Wet verontagsaam, naamlik geregtigheid[c] en barmhartigheid[d] en getrouheid.[e] Dit was verpligtend om hierdie dinge te doen, maar sonder om die ander te verontagsaam. **24** Blinde gidse,[f] wat die muggie[g] uitsif maar die kameel[h] insluk!

**25** “Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! want julle maak die buitekant van die beker[i] en van die skottel skoon, maar binne-in is hulle vol roof[j] en onmatigheid. **26** Blinde[k] Fariseër, maak eers die binnekant van die beker[l] en van die skottel skoon, sodat die buitekant daarvan ook skoon kan word.

**27** “Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars![m] want julle is soos gewitte[n] grafte, wat wel van buite mooi lyk, maar binne-in vol doodsbeendere en allerhande onreinheid is. **28** So lyk ook julle wel van buite vir die mense regverdig,[o] maar binne-in is julle vol huigelary en wetteloosheid.

**29** “Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars![p] want julle bou die grafte van die profete en versier die gedenkgrafte van die regverdiges,[q] **30** en julle sê: ‘As ons in die dae van ons voorvaders geleef het, sou ons nie saam met hulle deel gehad het aan die bloed van die profete nie.’[r] **31** Daarom getuig julle teen julleself dat julle kinders is van dié wat die profete vermoor het.[s] **32** Maak dan die maat van julle voorvaders vol.[a]

**33** “Slange, addergebroedsel,[b] hoe sal julle die oordeel van Gehen′na[c] ontvlug? **34** Daarom, kyk, ek stuur[d] profete en wyse manne en openbare onderrigters na julle toe.[e] Julle sal party van hulle doodmaak[f] en aan die paal hang, en julle sal party van hulle in julle sinagoges gesel[g] en van stad tot stad vervolg; **35** sodat al die regverdige bloed wat op die aarde vergiet is, oor julle kan kom,[h] van die bloed van die regverdige[i] Abel[j] af tot die bloed van Sagari′a, die seun van Barag′ja, wat julle tussen die heiligdom en die altaar vermoor het.[k] **36** Voorwaar, ek sê vir julle: Al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom.[l]

**37** “Jerusalem, Jerusalem, wat die profete doodmaak[m] en dié stenig[n] wat na haar gestuur is[o]—hoe dikwels wou ek jou kinders bymekaarmaak, soos ’n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak![p] Maar julle wou nie.[q] **38** Kyk! Julle huis[r] word vir julle verlate agtergelaat.[s] **39** Want ek sê vir julle: Julle sal my van nou af hoegenaamd nie sien nie totdat julle sê: ‘Geseënd is hy wat in Jehovah se naam kom!’ ”[t]

**24** Jesus het toe vertrek en van die tempel af weggegaan, maar sy dissipels het nader gekom om hom die tempelgeboue te wys.[u] **2** In reaksie hierop het hy vir hulle gesê: “Sien julle nie al hierdie dinge nie? Voorwaar, ek sê vir julle: Hier sal hoegenaamd nie ’n klip op ’n klip gelaat word wat nie afgebreek sal word nie.”[v]

**3** Terwyl hy op die Olyfberg gesit het, het die dissipels al-

HFST. 23

a Mt 5:34
b Le 27:30, Lu 11:42
c Jer 22:15, Joh 7:24
d Ho 6:6, Mi 6:8, Mt 9:13, Mt 12:7
e 1Ti 1:5
f Mt 15:14
g Le 11:42
h Le 11:4
i Mr 7:4
j Mr 12:40
k Joh 9:40
l Lu 11:39
m Lu 12:56
n De 27:4, Lu 11:44, Han 23:3
o Lu 16:15
p Mt 6:2
q Lu 11:47
r Lu 11:50
s Lu 11:48, Han 7:52, Heb 11:37

Tweede kol.

a 1Te 2:16
b Ge 3:15, Mt 3:7, Mt 12:34, Lu 3:7
c Mt 10:28, Mr 12:40, Lu 12:5
d Lu 11:49
e Mt 10:41, Mt 13:52
f Han 7:59
g Lu 21:12, Joh 16:2, Han 5:40, 2Ko 11:24, 1Te 2:15
h Mt 27:25
i Lu 11:50, Lu 11:51, Op 18:24
j Ge 4:10, Heb 11:4
k 2Kr 24:22
l Eks 20:5
m Lu 13:34
n Heb 11:37
o 2Kr 24:21, Joh 8:59, 1Te 2:15
p Ps 91:4
q Lu 19:14
r 1Kn 9:7, Jer 12:7, Jer 22:5, Mt 21:43, Lu 19:42
s Lu 21:20
t Ps 118:26, Mt 21:9

HFST. 24

u Mr 13:1, Lu 21:5
v Jer 7:14, Jer 26:18, Mi 3:12, Mt 22:7, Lu 19:44

leen na hom toe gekom en gesê:
“Sê vir ons: Wanneer sal hierdie
dinge wees, en wat sal die te-
ken van u teenwoordigheid[a] en
van die voleinding van die stel-
sel van dinge wees?”[b]
**4** En Jesus het geantwoord
en vir hulle gesê: “Pas op dat
niemand julle mislei nie;[c]
**5** want baie sal onder my naam
kom en sê: ‘Ek is die Chris-
tus’, en hulle sal baie mislei.[d]
**6** Julle sal van oorloë en berig-
te van oorloë hoor; sorg dat jul-
le nie verskrik word nie. Want
hierdie dinge moet plaasvind,
maar dit is nog nie die einde
nie.[e]
**7** “Want nasie sal teen na-
sie opstaan[f] en koninkryk teen
koninkryk,[g] en daar sal voed-
seltekorte[h] en aardbewings[i] op
die een plek na die ander wees.
**8** Al hierdie dinge is ’n begin
van weë van benoudheid.
**9** “Dan sal mense julle aan
verdrukking[j] oorlewer en julle
doodmaak,[k] en julle sal weens
my naam[l] vir al die nasies
voorwerpe van haat[m] wees.
**10** Dan sal baie ook tot strui-
keling[n] gebring word en me-
kaar verraai en mekaar haat.[o]
**11** En talle valse profete[p] sal
opstaan en baie mislei;[q] **12** en
weens die toename in wette-
loosheid[r] sal die liefde van die
meeste verkoel.[s] **13** Maar wie
tot die einde toe volhard[t] het,
hy sal gered word.[u] **14** En
hierdie goeie nuus[v] van die ko-
ninkryk[w] sal in die hele be-
woonde aarde verkondig word
as ’n getuienis vir al die nasies;[x]
en dan sal die einde[y] kom.
**15** “Wanneer julle dan die
walglike ding[z] wat verwoes-
ting veroorsaak, waarvan daar
deur middel van die profeet Da-
niël gespreek is, in ’n heili-
ge plek[a] sien staan (laat die
leser onderskeidingsvermoë ge-
bruik), **16** laat dié wat in Ju-
de'a is, dan na die berge begin
vlug.[a] **17** Laat die man wat op
die dak is, nie afkom om die
goed uit sy huis te neem nie;
**18** en laat die man wat op die
land is, nie na die huis terug-
keer om sy bokleed te gaan
haal nie. **19** Wee die swanger
vroue en dié wat ’n baba soog in
daardie dae![b] **20** Hou aan bid
dat julle vlug nie in die winter
plaasvind nie, en ook nie op die
sabbatdag nie; **21** want dan
sal daar groot verdrukking[c]
wees soos daar sedert die begin
van die wêreld tot nou toe nie
plaasgevind het nie,[d] nee, en
ook nie weer sal plaasvind nie.
**22** Trouens, as daardie dae nie
verkort is nie, sou geen vlees
gered word nie; maar weens die
uitverkorenes[e] sal daardie dae
verkort word.[f]
**23** “As iemand dan vir julle
sê: ‘Kyk! Hier is die Christus’,[g]
of: ‘Daar!’ moet julle dit nie glo
nie.[h] **24** Want valse Christus-
se[i] en valse profete[j] sal opstaan
en sal groot tekens[k] en wonders
doen om, indien moontlik, selfs
die uitverkorenes te mislei.[l]
**25** Kyk! Ek het julle vooruit ge-
waarsku.[m] **26** As mense dan
vir julle sê: ‘Kyk! Hy is in die
wildernis’, moet julle nie uit-
gaan nie; ‘Kyk! Hy is in die
binnekamers’, moet julle dit
nie glo nie.[n] **27** Want net soos
die weerlig[o] uit oostelike stre-
ke kom en tot in westelike stre-
ke skyn, so sal die teenwoordig-
heid van die Seun van die mens
wees.[p] **28** Waar die dooie lig-
gaam ook al is, daar sal die
arende[q] bymekaarkom.[r]

**HFST. 24**

a Mt 24:27, Mt 24:37, Mt 24:39
b Mt 13:39, Mt 28:20, Mr 13:4, Lu 21:7
c Jer 14:14, Mr 13:5, Lu 21:8, Kol 2:8, 2Te 2:3
d Mt 24:24
e Mr 13:7, Lu 21:9
f Hag 2:22, Mr 13:8, Op 6:4
g Lu 21:10
h Han 11:28, Op 6:6
i Mr 13:8, Lu 21:11
j Mt 10:17, Joh 15:20, Han 11:19, Op 2:10
k Joh 16:2, Han 7:59, Han 12:2, Op 6:11
l Mr 13:9, Lu 21:12, 2Ti 3:12, 1Pe 2:21
m Mt 10:22, Joh 15:21, Han 8:3
n Mt 13:21
o Mt 10:21
p Mt 7:15, 2Pe 2:1, 1Jo 4:3
q Han 20:29, 1Ti 4:1
r Mt 7:23, 2Ti 3:2
s 2Te 2:10
t Heb 10:36
u Mt 10:22, Op 2:10
v Jes 52:7, Mt 9:35, Kol 1:23
w Da 2:44, Mt 6:10
x Mt 28:19, Mr 13:10, Ro 10:18, Op 14:6
y Op 16:16, Op 19:19
z De 29:17, 1Kn 11:5, Op 13:15
a Da 9:27, Da 11:31, Da 12:11, Mr 13:14

**Tweede kol.**

a Ge 19:17, Lu 21:21
b Mr 13:17, Lu 21:23
c Op 7:14
d Da 12:1
e Jes 65:8, 1Pe 2:9
f Mr 13:20
g Mt 24:5, Lu 17:23

**h** 1Jo 4:1; **i** 1Jo 2:18; **j** De 13:1; Mt 7:15; Mr 13:22; 2Pe 2:1; **k** Mt 7:22; 2Te 2:9; Op 13:13; **l** Mr 13:22; **m** Joh 13:19; **n** Lu 17:23; **o** Job 37:3; **p** Da 7:13; Lu 17:24; 1Ko 15:23; 1Te 4:15; **q** Lu 17:37; **r** Job 39:30.

**29** “Onmiddellik ná die ver-
drukking van daardie dae sal
die son verduister word,[a] en die
maan[b] sal sy lig nie gee nie, en
die sterre sal uit die hemel val,
en die kragte van die hemele
sal geskud word.[c] **30** En dan
sal die teken van die Seun van
die mens[d] in die hemel verskyn,
en dan sal al die stamme van
die aarde hulleself in weeklag
slaan,[e] en hulle sal die Seun
van die mens met krag en groot
heerlikheid op die wolke van
die hemel sien kom.[f] **31** En
hy sal sy engele uitstuur met ’n
harde trompetgeskal,[g] en hul-
le sal sy uitverkorenes[h] byme-
kaarmaak uit die vier windstre-
ke,[i] van die een einde van die
hemele af tot die ander einde
daarvan.

**32** “En leer dít van die vye-
boom as ’n illustrasie: Sodra sy
jong tak sag word en hy bla-
re kry, weet julle dat die somer
naby is.[j] **33** Net so moet julle,
wanneer julle al hierdie dinge
sien, ook weet dat hy naby is,
voor die deur.[k] **34** Voorwaar,
ek sê vir julle dat hierdie ge-
slag[l] hoegenaamd nie sal ver-
bygaan voordat al hierdie dinge
plaasgevind het nie. **35** He-
mel en aarde sal verbygaan,[m]
maar my woorde sal hoege-
naamd nie verbygaan nie.[n]

**36** “Van daardie dag en uur[o]
weet niemand nie, nie die en-
gele van die hemele nie en ook
nie die Seun nie, maar net die
Vader.[p] **37** Want net soos die
dae van Noag[q] was, so sal die
teenwoordigheid van die Seun
van die mens wees.[r] **38** Want
soos hulle in daardie dae voor
die vloed was—hulle het geëet
en gedrink, manne het getrou
en vroue is in die huwelik ge-
gee, tot die dag dat Noag[s] in die
ark ingegaan het;[t] **39** en hul-
le het geen ag daarop geslaan
totdat die vloed gekom en hul-
le almal weggesleur[a] het nie—
so sal die teenwoordigheid van
die Seun van die mens wees.
**40** Dan sal twee manne op die
land wees: die een sal saamge-
neem en die ander agtergelaat
word; **41** twee vroue sal by
die handmeul maal:[b] die een sal
saamgeneem en die ander ag-
tergelaat word.[c] **42** Hou dus
aan waak, want julle weet nie
op watter dag julle Here kom
nie.[d]

**43** “Maar een ding moet jul-
le weet: as die huisheer geweet
het in watter waak die dief
kom,[e] sou hy wakker gebly het
en nie toegelaat het dat daar
by sy huis ingebreek word nie.
**44** Daarom moet julle ook ge-
reed wees,[f] want die Seun van
die mens kom op ’n uur waar-
van julle dit nie dink nie.

**45** “Wie is werklik die ge-
troue en verstandige slaaf[g] vir
wie sy heer oor sy huiskneg-
te aangestel het om hulle hul-
le voedsel op die regte tyd te
gee?[h] **46** Gelukkig[i] is daardie
slaaf as sy heer by sy aankoms
vind dat hy dit doen! **47** Voor-
waar, ek sê vir julle: Hy sal hom
oor al sy besittings aanstel.[j]

**48** “Maar as daardie bose
slaaf ooit in sy hart sou sê:[k]
‘My heer talm om te kom’,[l]
**49** en sy medeslawe sou begin
slaan en saam met die verstok-
te dronkaards sou eet en drink,
**50** sal die heer van daardie
slaaf op ’n dag kom dat hy dit
nie verwag nie en op ’n uur[m]
wat hy nie weet nie **51** en
hom met die grootste streng-
heid straf[n] en hom sy deel by
die huigelaars toewys. Dáár sal
sy gehuil en die gekners van sy
tande wees.[o]

**HFST. 24**
a Jl 2:31
b Op 6:12
c Mr 13:25, Lu 21:25, Op 6:13
d Da 7:13, Lu 21:27
e Sag 12:12, Op 1:7
f Da 7:14, Mt 26:64, Mr 13:26
g Jes 27:13
h Op 7:3
i Mr 13:27
j Mr 13:28, Lu 21:30
k Jak 5:9
l Mt 23:36
m Heb 1:11
n Mt 5:18, Lu 21:33
o Han 1:7, 1Te 5:1
p Mr 13:32
q Ge 6:11, Jes 54:9
r Mt 24:27, Lu 17:26
s Ge 7:7
t Lu 17:27, Heb 11:7, 1Pe 3:20, 2Pe 2:5

**Tweede kol.**
a Ge 7:23, 2Pe 3:6
b Jes 47:2
c Lu 17:35
d Mt 25:13, Mr 13:33, Lu 21:36
e Lu 12:39, 1Te 5:2, 2Pe 3:10, Op 3:3
f Mr 13:35, Lu 12:40
g 1Ko 4:2, Heb 3:5
h Lu 12:42
i Op 16:15
j Mt 25:21, Lu 12:44
k Pr 8:11, Heb 3:12
l 2Pe 3:4
m Mt 25:13
n Lu 12:46
o Ps 112:10, Mt 8:12, Mt 25:30, Lu 13:28

**25** “Dan sal die koninkryk
van die hemele soos tien
maagde word wat hulle lam-
pe[a] geneem en uitgegaan het
om die bruidegom[b] te ontmoet.
**2** Vyf van hulle was dwaas,[c] en
vyf was verstandig.[d] **3** Want
die dwases het hulle lampe ge-
neem, maar het geen olie saam
met hulle geneem nie, **4** maar
die verstandiges het olie in hul-
le houers saam met hulle lampe
geneem. **5** Terwyl die bruide-
gom getalm het om te kom, het
hulle almal ingesluimer en aan
die slaap geraak.[e] **6** In die
middel van die nag het daar ’n
geroep opgegaan:[f] ‘Hier is die
bruidegom! GAAN UIT om hom te
ontmoet.’ **7** Toe het al daar-
die maagde opgestaan en hulle
lampe[g] gereedgemaak. **8** Die
dwases het vir die verstandi-
ges gesê: ‘Gee vir ons van jul-
le olie,[h] want ons lampe is besig
om uit te gaan.’ **9** Die ver-
standiges[i] het geantwoord met
die woorde: ‘Miskien is daar nie
heeltemal genoeg vir ons en
vir julle nie. Gaan liewer na
dié wat dit verkoop en koop
vir julleself.’ **10** Terwyl hulle
gaan koop het, het die bruide-
gom daar aangekom, en die
maagde wat gereed was, het
saam met hom na die huwe-
liksfees[j] ingegaan; en die deur
is gesluit. **11** Agterna het die
res van die maagde ook ge-
kom en gesê: ‘Meneer, meneer,
maak vir ons oop!’[k] **12** Hy het
geantwoord en gesê: ‘Ek vertel
julle die waarheid: Ek ken julle
nie.’[l]

**13** “Hou dus aan waak,[m]
want julle weet nie die dag en
ook nie die uur nie.[n]

**14** “Want dit is net soos toe
’n man,[o] wat op die punt ge-
staan het om na die buiteland
te reis,[p] sy slawe ontbied en sy
besittings aan hulle toevertrou
het.[a] **15** En vir een het hy
vyf talente gegee, vir ’n ander
twee, vir nog ’n ander een, vir
elkeen volgens sy eie vermoë,[b]
en hy het na die buiteland ge-
gaan. **16** Onmiddellik het die
een wat die vyf talente ont-
vang het, weggegaan en daar-
mee handel gedryf en nog vyf
verkry.[c] **17** Net so het die een
wat die twee ontvang het, nog
twee verkry. **18** Maar die een
wat net een ontvang het, het
weggegaan en in die grond ge-
grawe en die silwergeld van sy
heer weggesteek.

**19** “Ná ’n lang tyd[d] het die
heer van daardie slawe gekom
en met hulle afrekening ge-
hou.[e] **20** Toe het die een wat
vyf talente ontvang het, voren-
toe gekom en vyf bykomende
talente gebring en gesê: ‘Heer,
u het vyf talente aan my toe-
vertrou; kyk, ek het nog vyf ta-
lente verkry.’[f] **21** Sy heer het
vir hom gesê: ‘Mooi so, goeie
en getroue slaaf![g] Jy was oor ’n
paar dinge getrou.[h] Ek sal jou
oor baie dinge aanstel.[i] Gaan in
die vreugde[j] van jou heer in.’
**22** Daarna het die een wat die
twee talente ontvang het, vo-
rentoe gekom en gesê: ‘Heer, u
het aan my twee talente toever-
trou; kyk, ek het nog twee ta-
lente verkry.’[k] **23** Sy heer het
vir hom gesê: ‘Mooi so, goeie
en getroue slaaf! Jy was oor ’n
paar dinge getrou. Ek sal jou
oor baie dinge aanstel.[l] Gaan in
die vreugde[m] van jou heer in.’

**24** “Uiteindelik het die een
wat die een talent ontvang
het, vorentoe gekom[n] en ge-
sê: ‘Heer, ek het geweet dat u
’n veeleisende man is, wat oes
waar u nie gesaai het nie en
bymekaarmaak waar u nie uit-
gewan het nie. **25** En ek het

**HFST. 25**
a Lu 12:35, Flp 2:15
b Joh 3:29, Op 19:7
c Mt 7:26
d Mt 7:24
e 1Te 5:6
f Mt 24:31
g Lu 12:35
h Heb 1:9
i Mt 7:24
j Op 19:9
k Lu 13:25, Heb 12:17
l Lu 13:27
m 1Te 5:6, 1Pe 5:8
n Mt 24:42, Mt 24:50, Mr 13:33
o Lu 19:12
p Mt 21:33

**Tweede kol.**
a Lu 19:13
b Ro 12:6
c Spr 10:4
d Mt 24:48
e Mt 18:23, Lu 19:15
f Lu 19:16
g Lu 19:17
h Spr 28:20, Lu 16:10
i Spr 12:24, Lu 12:44
j Heb 12:2
k Lu 19:18
l Lu 19:19
m Heb 12:2
n Lu 19:20

bang geword[a] en weggegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort.’ **26** Sy heer het geantwoord en vir hom gesê: ‘Goddelose en trae slaaf, jy het dus tog geweet dat ek geoes het waar ek nie gesaai het nie en bymekaargemaak het waar ek nie uitgewan het nie? **27** Wel, dan moes jy my silwergeld by die bankiers gedeponeer het, en by my aankoms sou ek wat myne is, met rente ontvang[b] het.

**28** “‘NEEM dan die talent van hom af weg en gee dit vir hom wat die tien talente het.[c] **29** Want aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar wat hom betref wat nie het nie, selfs wat hy het, sal van hom af weggeneem word.[d] **30** En gooi die nikswerd slaaf uit in die duisternis daar buite. Dáár sal sy gehuil en die gekners van sy tande wees.’[e]

**31** “Wanneer die Seun van die mens[f] in sy heerlikheid kom, en al die engele saam met hom,[g] dan sal hy op sy glorieryke troon gaan sit.[h] **32** En al die nasies sal voor hom versamel word,[i] en hy sal die mense van mekaar afskei,[j] net soos ’n herder die skape van die bokke afskei. **33** En hy sal die skape aan sy regterhand[k] sit, maar die bokke aan sy linkerhand.[l]

**34** “Dan sal die koning vir dié aan sy regterhand sê: ‘Kom, julle wat deur my Vader geseën is,[m] beërf[n] die koninkryk[o] wat van die grondlegging van die wêreld[p] af vir julle berei is. **35** Want ek het honger geword, en julle het my iets gegee om te eet;[q] ek het dors geword, en julle het my iets gegee om te drink. Ek was ’n vreemdeling, en julle het my gasvry ontvang;[a] **36** naak,[b] en julle het my geklee. Ek het siek geword, en julle het na my omgesien. Ek was in die gevangenis,[c] en julle het na my toe gekom.’ **37** Dan sal die regverdiges hom antwoord met die woorde: ‘Here, wanneer het ons u honger gesien en u gevoed, of dors[d] en u iets gegee om te drink?[e] **38** Wanneer het ons u ’n vreemdeling gesien en u gasvry ontvang, of naak en u geklee? **39** Wanneer het ons u siek of in die gevangenis gesien en na u toe gegaan?’ **40** En die koning[f] sal antwoord en vir hulle sê: ‘Voorwaar, ek sê vir julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste[g] van hierdie broers[h] van my gedoen het, het julle dit aan my gedoen.’[i]

**41** “Maar dan sal hy vir dié aan sy linkerhand sê: ‘Gaan weg van my af,[j] julle wat vervloek is, die ewige vuur[k] in wat vir die Duiwel en sy engele berei is.[l] **42** Want ek het honger geword, maar julle het my niks gegee om te eet nie,[m] en ek het dors geword,[n] maar julle het my niks gegee om te drink nie. **43** Ek was ’n vreemdeling, maar julle het my nie gasvry ontvang nie; naak, maar julle het my nie geklee nie;[o] siek en in die gevangenis,[p] maar julle het nie na my omgesien nie.’ **44** Dan sal ook hulle antwoord met die woorde: ‘Here, wanneer het ons u honger of dors of ’n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis gesien en u nie bedien nie?’ **45** Dan sal hy hulle antwoord met die woorde: ‘Voorwaar, ek sê vir julle: Vir sover julle dit nie aan een van hierdie geringstes[q] gedoen het nie, het julle dit nie aan my[r] gedoen nie.’[s] **46** En hulle

**HFST. 25**

a Spr 26:13 Lu 19:21 Op 21:8
b Lu 19:23
c Lu 19:24
d Mt 13:12 Mr 4:25 Lu 8:18 Joh 15:2
e Ps 112:10 Mt 8:12
f Da 7:13 Mt 16:27 Han 1:11 Op 1:7
g Sag 14:5 Mt 13:41 Mt 19:28
h Op 3:21
i 2Ko 5:10
j Ese 20:38 Ese 34:17 Mt 13:49
k Joh 10:16
l Mt 25:41
m Ps 115:15
n Ro 8:17
o 1Te 2:12 Op 5:10
p Mt 13:35 Heb 9:26 1Pe 1:20 Op 13:8
q Jes 58:7 Ese 18:16

**Tweede kol.**

a Heb 13:2 3Jo 5
b Ese 18:7 Jak 2:15
c 2Ti 1:16
d Mt 10:42
e Mt 6:3
f Lu 19:38 Op 17:14
g Spr 19:17 Mt 10:40 Mr 9:41
h 2Ko 5:20 Heb 2:11
i Heb 6:10
j Mt 7:23 Lu 13:27
k Mt 18:8 Op 20:10
l Op 12:9
m Jes 58:7 Ese 18:16
n Mt 10:42
o Ese 18:7 Jak 2:15
p 2Ti 1:16
q De 23:4 2Ko 5:20 Heb 2:11
r Han 9:5
s Sag 2:8

sal weggaan, die ewige vernie-
tiging[a] in, maar die regverdiges
die ewige lewe[b] in.”

**26** En toe Jesus klaar was
met al hierdie woorde,
het hy vir sy dissipels gesê:
**2** “Julle weet dat die pasga oor
twee dae plaasvind,[c] en die
Seun van die mens gaan oorge-
lewer word om aan die paal ge-
hang te word.”[d]
**3** Toe het die hoofpriesters
en die ouer manne van die volk
in die binnehof van die hoë-
priester met die naam Ka′jafas[e]
bymekaargekom **4** en saam
beraadslaag[f] om Jesus deur ’n
slinkse plan gevange te neem
en dood te maak. **5** Hulle het
egter bly sê: “Nie by die fees
nie, sodat daar nie miskien ’n
opskudding onder die volk ont-
staan nie.”[g]
**6** Terwyl Jesus in Beta′nië[h]
was, in die huis van Simon, die
melaatse,[i] **7** het ’n vrou met
’n albaste fles kosbare welrie-
kende olie[j] na hom toe gekom,
en sy het dit op sy kop be-
gin uitgooi terwyl hy aan ta-
fel was. **8** Toe die dissipels dit
sien, het hulle verontwaardig
geword en gesê: “Waarom hier-
die verkwisting?[k] **9** Want dit
kon duur verkoop en vir armes[l]
gegee geword het.” **10** Jesus
het dit gemerk[m] en het vir hul-
le gesê: “Waarom val julle die
vrou lastig? Want sy het ’n
goeie daad aan my gedoen.[n]
**11** Want julle het die armes[o] al-
tyd by julle, maar julle sal my
nie altyd hê nie.[p] **12** Want toe
hierdie vrou hierdie welrieken-
de olie op my liggaam uitge-
gooi het, het sy dit gedoen om
my vir die begrafnis voor te be-
rei.[q] **13** Voorwaar, ek sê vir
julle: Oral waar hierdie goeie
nuus in die hele wêreld verkon-
dig word, sal wat hierdie vrou
gedoen het, ook vertel word ter
gedagtenis aan haar.”[a]
**14** Toe het een van die
twaalf, die een met die naam
Judas Iska′riot,[b] na die hoof-
priesters toe gegaan **15** en
gesê: “Wat sal julle my gee om
hom aan julle te verraai?”[c] Hul-
le het vir hom dertig silwer-
stukke[d] bepaal. **16** Van toe af
het hy dus ’n goeie geleentheid
bly soek om hom te verraai.[e]
**17** Op die eerste dag van die
ongesuurde koeke[f] het die dis-
sipels na Jesus toe gekom en
gesê: “Waar wil u hê moet ons
voorberei vir u om die pasga te
eet?”[g] **18** Hy het gesê: “Gaan
in die stad in na So-en-so[h] toe
en sê vir hom: Die Leermees-
ter sê: ‘My vasgestelde tyd is
naby; ek sal die pasga saam met
my dissipels in jou huis vier.’ ”[i]
**19** En die dissipels het gedoen
soos Jesus hulle beveel het, en
hulle het alles vir die pasga ge-
reedgemaak.[j]
**20** En toe dit aand[k] geword
het, was hy saam met die twaalf
dissipels aan tafel.[l] **21** Ter-
wyl hulle geëet het, het hy ge-
sê: “Voorwaar, ek sê vir julle:
Een van julle sal my verraai.”[m]
**22** Omdat hulle baie bedroef
was hieroor, het elkeen van hul-
le vir hom begin sê: “Here, dit
is tog nie ek nie?”[n] **23** Hy het
geantwoord en gesê: “Hy wat
sy hand saam met my in die
bak doop, is die een wat my
sal verraai.[o] **24** Die Seun van
die mens gaan weliswaar weg,
net soos daar van hom geskry-
we staan,[p] maar wee[q] daardie
man deur wie die Seun van
die mens verraai word![r] Dit
sou vir hom beter gewees het

**HFST. 25**
a Da 12:2; 2Pe 2:9
b Ro 2:7

**HFST. 26**
c Eks 12:14; Mr 14:1; Lu 22:1; Joh 13:1
d Mt 16:21; Mt 20:19; Mt 27:26; Mr 15:15; Joh 19:16
e Mt 26:57; Lu 3:2; Lu 22:2; Joh 18:13; Joh 18:24
f Ps 2:2; Mr 14:1; Joh 11:49
g Mr 14:2
h Mt 21:17
i Mt 8:2
j Mr 14:3; Joh 12:3
k Mr 14:4; Joh 12:4
l Mr 14:5; Joh 12:5
m Joh 12:6
n Mr 14:6
o De 15:11; Mr 14:7
p Mt 9:15; Joh 12:8; Joh 17:11
q Mr 14:8; Joh 12:7

**Tweede kol.**
a Mr 14:9
b Mt 10:4; Lu 22:3; Joh 13:2
c Mr 14:10; Joh 11:57; 1Ti 6:10
d Eks 21:32; Sag 11:12; Mt 27:3; Mr 14:11; Lu 22:5
e Mr 14:11; Lu 22:6
f Eks 12:18; Eks 23:15; Le 23:6; Mr 14:12; Lu 22:7
g Lu 22:9
h Mt 21:3; Mr 14:13; Lu 22:10
i Mr 14:14; Lu 22:11
j Mr 14:16; Lu 22:13
k De 16:6
l Mr 14:17; Lu 22:14
m Mr 14:18; Joh 6:70; Joh 13:21
n Mr 14:19; Joh 13:22

**o** Ps 41:9; Mr 14:20; Lu 22:21; Joh 13:26; **p** Mt 5:17; **q** De 27:25; Lu 22:22; **r** Mr 14:21; Joh 17:12.

as daardie man nie gebore was
nie.” **25** In antwoord hierop
het Judas, wat op die punt ge-
staan het om hom te verraai,
gesê: “Dit is tog nie ek nie, Rab-
bi?” Hy het vir hom gesê: “Jy
het dit self gesê.”

**26** Terwyl hulle verder ge-
eet het, het Jesus ’n brood[a] ge-
neem, en nadat hy ’n seën ge-
vra het, het hy dit gebreek[b] en
dit vir die dissipels gegee en ge-
sê: “NEEM, eet. Dit beteken
my liggaam.”[c] **27** Ook het hy
’n beker[d] geneem, en nadat hy
gedank het, het hy dit vir hul-
le gegee en gesê: “Drink almal
daaruit;[e] **28** want dit bete-
ken[f] my ‘bloed[g] van die ver-
bond’,[h] wat vir baie[i] uitgestort
sal word tot vergifnis van son-
des.[j] **29** Maar ek sê vir julle:
Ek sal van nou af hoegenaamd
nie van hierdie vrug van die
wingerdstok drink tot op daar-
die dag wanneer ek dit nuut
saam met julle in die konink-
ryk van my Vader drink nie.”[k]
**30** Uiteindelik het hulle, nadat
hulle lofliedere[l] gesing het, na
die Olyfberg[m] uitgegaan.

**31** Toe het Jesus vir hulle ge-
sê: “Julle almal sal vannag in
verband met my struikel, want
daar staan geskrywe: ‘Ek sal
die herder slaan, en die ska-
pe van die kudde sal verstrooi
word.’[n] **32** Maar nadat ek op-
gewek is, sal ek voor julle uit
na Galile′a[o] gaan.” **33** Maar
Petrus het geantwoord en vir
hom gesê: “Al struikel al die an-
der in verband met u, sal ek
nooit struikel nie!”[p] **34** Jesus
het vir hom gesê: “Voorwaar,
ek sê vir jou: Vannag, voordat
’n haan kraai, sal jy my drie
keer verloën.”[q] **35** Petrus het
vir hom gesê: “Selfs al moet ek
saam met u sterf, sal ek u hoe-
genaamd nie verloën nie.” Al
die ander dissipels het ook die-
selfde gesê.[a]

**36** Toe het Jesus saam met
hulle by die plek[b] gekom wat
Getse′mane genoem word, en
hy het vir die dissipels gesê:
“Sit hier terwyl ek daar gaan
bid.”[c] **37** En hy het Petrus
en die twee seuns[d] van Sebe-
de′us saamgeneem en bedroef
en erg verontrus begin word.[e]
**38** Toe het hy vir hulle gesê:
“My siel is diep bedroef, ja, tot
die dood toe.[f] Bly hier en hou
aan om saam met my te waak.”[g]
**39** En hy het ’n entjie verder
gegaan en op sy gesig geval en
gebid[h] en gesê: “My Vader, as
dit moontlik is, laat hierdie be-
ker[i] by my verbygaan. Nogtans
nie soos ek wil nie,[j] maar soos u
wil.”[k]

**40** En hy het by die dissi-
pels gekom en hulle aan die
slaap gevind, en hy het vir Pe-
trus gesê: “Kon julle nie eers
een uur saam met my waak
nie?[l] **41** Hou aan waak[m] en
bid,[n] sodat julle nie in versoe-
king kom nie.[o] Die gees is na-
tuurlik gretig, maar die vlees
is swak.”[p] **42** Hy het weer,
vir die tweede keer,[q] wegge-
gaan en gebid en gesê: “My
Vader, as dit nie moontlik is
dat dit verbygaan sonder dat
ek dit drink nie, laat u wil ge-
skied.”[r] **43** En hy het weer
gekom en hulle aan die slaap ge-
vind, want hulle oë was swaar.[s]
**44** Toe het hy hulle verlaat en
weer weggegaan en vir die der-
de keer[t] gebid en weer eens
dieselfde woord gesê. **45** Toe
het hy by die dissipels gekom
en vir hulle gesê: “Op ’n tyd
soos dié slaap julle en rus julle!
Kyk! Die uur het naby gekom
vir die Seun van die mens om
deur verraad in die hande van
sondaars oorgelewer te word.[u]

HFST. 26
a 1Ko 11:23
b 1Ko 10:16; 1Ko 11:24
c Mr 14:22; Lu 22:19
d 1Ko 11:25
e Lu 22:20
f 1Ko 10:16
g Eks 24:8; Sag 9:11
h Jer 31:31; Heb 7:22; Heb 9:20
i Mt 20:28; Mr 14:24
j Ef 1:7; Heb 9:22
k Lu 22:18
l Ps 113 tot 118
m Lu 22:39; Joh 18:1
n Sag 13:7; Mr 14:27; Joh 16:32
o Mt 28:7; Mt 28:16
p Spr 11:2; Mr 14:29
q Mr 14:30; Lu 22:34; Joh 13:38

Tweede kol.
a Mr 14:31; Lu 22:33
b Lu 22:39; Joh 18:1
c Mr 14:32; Lu 22:40
d Mr 5:37
e Jes 53:3; Mr 14:33
f Ps 42:11; Ps 43:5
g Mr 14:34
h Heb 5:7
i Mt 20:22; Joh 18:11
j Joh 5:30; Joh 6:38
k Ps 40:8; Mr 14:36; Lu 22:42; Heb 10:9
l Mr 14:37; Lu 22:45
m Mr 13:33; 1Pe 5:8; Op 16:15
n Lu 18:1; Ro 12:12; Ef 6:18; 1Pe 4:7
o Mt 6:13; Lu 22:46
p Mr 14:38; Ro 7:23; Ga 5:17
q Mr 14:39
r Mt 6:10; Joh 12:27; Han 21:14
s Mr 14:40
t 2Ko 12:8
u Mr 14:41

**46** Staan op, laat ons gaan.
Kyk! My verraaier het naby ge-
kom."[a] **47** En terwyl hy nog
gepraat het, kyk! toe het Ju-
das,[b] een van die twaalf, ge-
kom, en saam met hom 'n groot
menigte met swaarde[c] en knup-
pels, gestuur deur die hoof-
priesters en ouer manne van
die volk.[d]
**48** En sy verraaier het hul-
le 'n teken gegee en gesê: "Die
een wat ek soen, dit is hy; neem
hom in hegtenis."[e] **49** En hy
het reguit na Jesus toe ge-
gaan en gesê: "Goeiedag, Rab-
bi!"[f] en hom baie teer gesoen.[g]
**50** Maar Jesus[h] het vir hom
gesê: "Vriend, waarvoor is jy
hier?" Toe het hulle vorentoe
gekom en die hande aan Je-
sus geslaan en hom in hegtenis
geneem.[i] **51** Maar kyk! een
van dié wat saam met Jesus
was, het sy hand uitgesteek en
sy swaard getrek en die slaaf
van die hoëpriester geslaan en
sy oor afgekap.[j] **52** Toe het
Jesus vir hom gesê: "Sit jou
swaard terug in sy plek,[k] want
almal wat die swaard opneem,
sal deur die swaard vergaan.[l]
**53** Of dink jy dat ek nie 'n be-
roep op my Vader kan doen
om op hierdie oomblik meer
as twaalf legioene engele aan
my beskikbaar te stel nie?[m]
**54** Hoe sou die Skrif dan ver-
vul word dat dit so moet plaas-
vind?" **55** In daardie uur het
Jesus vir die skare gesê: "Het
julle soos teen 'n rower uitge-
kom met swaarde en knuppels
om my te arresteer?[n] Dag vir
dag het ek in die tempel[o] ge-
sit en leer, en tog het julle
my nie in hegtenis geneem nie.
**56** Maar dit alles het plaasge-
vind sodat die geskrifte van die
profete vervul sou word."[p] Toe

**HFST. 26**
a Mr 14:42
b Lu 22:47
Joh 18:3
c Lu 22:52
Han 1:16
d Mr 14:43
e Mr 14:44
f Mr 14:45
g 2Sa 20:9
Spr 27:6
h Lu 22:48
i Ps 41:9
Mr 14:46
j Mr 14:47
Lu 22:50
Joh 18:10
k Joh 18:11
l Ge 9:6
Op 13:10
m 2Kn 6:17
Da 7:10
Mt 4:11
n Mr 14:48
Lu 22:52
o Lu 19:47
Joh 18:20
p Ps 22
Jes 53
Klg 4:20
Da 9:26

---

**Tweede kol.**
a Sag 13:7
Mr 14:50
Joh 16:32
b Mr 14:53
Joh 18:13
c Lu 22:54
d Lu 22:55
e Joh 18:16
f Eks 20:16
Mr 14:55
g De 19:15
Ps 27:12
Ps 35:11
Mr 14:57
h Mt 27:40
Joh 2:19
Han 6:14
i Mr 14:60
j Spr 11:12
Jes 53:7
Han 8:32
k 1Kn 22:16
l Mt 16:16
Lu 22:67
Joh 10:24
m Mr 14:62
n Lu 22:70
o Lu 22:69
p Joh 1:51
q Ps 110:1
Da 7:14
Lu 22:69
r Da 7:13
Mr 14:62
Op 1:7
s Mr 14:63
t Lu 22:71
u Mr 14:64
v Le 24:16
Joh 19:7

het al die dissipels hom verlaat
en gevlug.[a]
**57** Dié wat Jesus in hegte-
nis geneem het, het hom weg-
gelei na Ka′jafas,[b] die hoëpries-
ter, waar die skrifgeleerdes en
die ouer manne bymekaar was.[c]
**58** Maar Petrus het hom op
'n aansienlike afstand bly volg,
tot by die binnehof[d] van die
hoëpriester, en nadat hy inge-
gaan het, het hy by die huisbe-
diendes gesit om te sien hoe dit
sou afloop.[e]
**59** Intussen het die hoof-
priesters en die hele San′he-
drin valse getuienis teen Jesus
gesoek om hom dood te maak,[f]
**60** maar hulle het niks gevind
nie, hoewel talle valse getui-
es vorentoe gekom het.[g] Nader-
hand het twee vorentoe gekom
**61** en gesê: "Hierdie man het
gesê: 'Ek kan die tempel van
God afbreek en dit in drie dae
opbou.' "[h] **62** Daarop het die
hoëpriester opgestaan en vir
hom gesê: "Het jy geen ant-
woord nie? Wat getuig hulle
teen jou?"[i] **63** Maar Jesus het
stilgebly.[j] Toe het die hoëpries-
ter vir hom gesê: "Ek stel jou
onder eed by die lewende God[k]
om vir ons te sê of jy die Chris-
tus,[l] die Seun van God, is!"
**64** Jesus het vir hom gesê:[m] "U
het dit self gesê.[n] Maar ek sê
vir julle: Van nou af[o] sal jul-
le die Seun van die mens[p] aan
die regterhand[q] van krag sien
sit en op die wolke van die
hemel sien kom."[r] **65** Toe het
die hoëpriester sy boklere ge-
skeur en gesê: "Hy het gelas-
ter![s] Waarvoor het ons nog
getuies nodig?[t] Kyk! Nou
het julle die lastering gehoor.[u]
**66** Wat is julle mening?" Hul-
le het geantwoord: "Hy verdien
die dood."[v] **67** Toe het hulle

in sy gesig gespoeg[a] en hom
met hulle vuiste geslaan.[b] An-
der het hom in die gesig geklap[c]
**68** en gesê: “Profeteer vir ons,
Christus.[d] Wie is dit wat jou ge-
slaan het?”[e]

**69** En Petrus het buite in die
binnehof gesit; en ’n diensmei-
sie het na hom toe gekom en ge-
sê: “Jy was ook saam met Jesus
die Galileër!”[f] **70** Maar hy het
dit voor hulle almal ontken en
gesê: “Ek weet nie waarvan jy
praat nie.” **71** Nadat hy na die
poorthuis uitgegaan het, het ’n
ander meisie hom opgemerk en
vir dié wat daar was, gesê:
“Hierdie man was saam met
Jesus die Nasarener.”[g] **72** En
hy het dit weer ontken, met
’n eed: “Ek ken die man nie!”[h]
**73** Na ’n klein rukkie het dié
wat daar rondgestaan het, na-
der gekom en vir Petrus gesê:
“Jy is beslis ook een van hul-
le, want jou dialek verraai jou.”[i]
**74** Toe het hy begin vloek en
sweer: “Ek ken die man nie!”
En onmiddellik het ’n haan ge-
kraai.[j] **75** En Petrus het die
woord onthou wat Jesus ge-
spreek het, naamlik: “Voordat
’n haan kraai, sal jy my drie
keer verloën.”[k] En hy het bui-
tentoe gegaan en bitterlik ge-
huil.[l]

**27** Toe dit oggend geword
het, het al die hoofpries-
ters en die ouer manne van die
volk teen Jesus raad gehou om
hom dood te maak.[m] **2** En na-
dat hulle hom geboei het, het
hulle hom weggelei en hom aan
Pilatus, die goewerneur,[n] oor-
gelewer.

**3** Toe Judas, wat hom ver-
raai het, sien dat hy veroor-
deel is, het hy spyt gekry
en die dertig[o] silwerstukke na
die hoofpriesters en ouer man-
ne teruggebring **4** en gesê:
“Ek het gesondig toe ek regver-
dige bloed verraai het.”[a] Hul-
le het gesê: “Wat het dit met
ons te doen? Dit is jou saak!”[b]
**5** Toe het hy die silwerstukke
in die tempel gegooi en daar-
vandaan weggegaan en hom-
self gaan ophang.[c] **6** Maar die
hoofpriesters het die silwer-
stukke geneem en gesê: “Dit is
nie geoorloof om dit in die hei-
lige skatkamer te gooi nie, om-
dat dit ’n bloedprys is.” **7** Na-
dat hulle saam beraadslaag het,
het hulle die pottebakker se
stuk grond daarmee gekoop
om vreemdelinge in te begra-
we. **8** Daarom is daardie stuk
grond “Bloedgrond”[d] genoem,
tot vandag toe. **9** Toe is ver-
vul wat gespreek is deur middel
van die profeet Jeremia, wat ge-
sê het: “En hulle het die dertig
silwerstukke geneem,[e] die prys
van die man vir wie ’n prys vas-
gestel is, die een vir wie par-
ty van die kinders van Israel ’n
prys vasgestel het, **10** en hul-
le het dit vir die pottebakker[f]
se stuk grond gegee, volgens
wat Jehovah my beveel het.”

**11** Jesus het toe voor die
goewerneur gestaan; en die
goewerneur het hom gevra: “Is
jy die koning van die Jode?”[g]
Jesus het geantwoord: “U sê
dit self.”[h] **12** Maar terwyl hy
deur die hoofpriesters en
ouer manne beskuldig is,[i] het
hy geen antwoord gegee nie.[j]
**13** Toe het Pilatus vir hom ge-
sê: “Hoor jy nie hoeveel dinge
hulle teen jou getuig nie?”[k]
**14** Tog het hy hom nie geant-
woord nie, nee, nie ’n woord
nie, sodat die goewerneur baie
verwonderd was.[l]

**15** En by elke fees was dit
die gewoonte van die goewer-
neur om vir die skare ’n ge-

**HFST. 26**
a Jes 50:6, Mt 27:30, Mr 14:65
b Lu 22:63
c Jes 53:3, Joh 19:3
d Lu 23:39
e Mr 14:65, Lu 22:64
f Lu 22:57, Joh 18:17
g Mr 14:67, Joh 18:25
h Lu 22:58
i Rig 12:6, Lu 22:59, Joh 18:26
j Lu 22:60, Joh 18:27
k Mt 26:34, Mr 14:30, Joh 13:38
l Mr 14:72, Lu 22:62

**HFST. 27**
m Ps 2:2, Mr 15:1, Lu 22:66, Joh 18:28
n Mt 20:19, Lu 23:1, Joh 18:28, Han 3:13
o Mt 26:15, Mr 14:11

**Tweede kol.**
a De 19:10, 2Kn 24:4
b Mt 27:24, Heb 10:26
c 2Sa 17:23, Ps 55:23, Han 1:18
d Han 1:19
e Sag 11:12
f Sag 11:13
g Mr 15:2, Lu 23:3, Joh 18:33
h Mt 26:64, 1Ti 6:13
i Mr 15:3
j Spr 11:12, Jes 53:7, Mt 26:63, Joh 19:9
k Mr 15:4
l Mr 15:5

vangene, die een wat hulle wou
hê,[a] vry te laat. **16** Juis in
daardie tyd het hulle ’n be-
rugte gevangene met die naam
Barab′bas gehad.[b] **17** Toe hul-
le derhalwe bymekaar was, het
Pilatus vir hulle gesê: “Watter
een wil julle hê moet ek vir julle
vrylaat: Barab′bas of Jesus, wat
die Christus genoem word?”[c]
**18** Want hy het geweet dat hul-
le hom uit afguns[d] oorgelewer
het.[e] **19** Terwyl hy op die reg-
terstoel gesit het, het sy vrou
bowendien na hom toe gestuur
en gesê: “Moet niks met daar-
die regverdige[f] man te doen hê
nie, want weens hom het ek
vandag in ’n droom baie gely.”[g]
**20** Maar die hoofpriesters en
die ouer manne het die skare
oorreed om Barab′bas te vra,[h]
maar om Jesus te laat dood-
maak. **21** En die goewerneur
het geantwoord en vir hulle ge-
sê: “Wie van die twee wil jul-
le hê moet ek vir julle vrylaat?”
Hulle het gesê: “Barab′bas.”[i]
**22** Pilatus het vir hulle gesê:
“Wat moet ek dan doen met Je-
sus, wat die Christus genoem
word?” Hulle het almal gesê:
“Laat hom aan die paal gehang
word!”[j] **23** Hy het gesê: “Wat
het hy dan gedoen wat sleg is?”
Maar hulle het des te meer uit-
geroep: “Laat hom aan die paal
gehang word!”[k]

**24** Toe Pilatus sien dat dit
niks help nie, maar dat daar
eerder ’n opskudding ontstaan,
het hy water geneem[l] en sy
hande voor die skare gewas en
gesê: “Ek is onskuldig aan die
bloed van hierdie man. Dit is
julle saak.” **25** Daarop het die
hele volk geantwoord en gesê:
“Laat sy bloed op ons en op ons
kinders kom.”[m] **26** Toe het hy
Barab′bas vir hulle vrygelaat,
maar hy het Jesus laat gesel[n]
en hom oorgelewer om aan die
paal gehang te word.[a]

**27** Toe het die soldate van
die goewerneur Jesus in die
goewerneur se paleis inge-
neem en die hele troepeafde-
ling by hom bymekaargebring.[b]
**28** En hulle het hom ontklee en
’n skarlaken mantel om hom ge-
hang,[c] **29** en hulle het van do-
rings ’n kroon gevleg en dit op
sy kop gesit, en ’n riet in sy
regterhand. En hulle het voor
hom gekniel en met hom die
spot gedryf[d] en gesê: “Goeiedag,
Koning van die Jode!”[e] **30** En
hulle het op hom gespoeg[f] en
die riet geneem en hom op sy
kop begin slaan. **31** Nadat hul-
le met hom die spot gedryf het,[g]
het hulle uiteindelik die mantel
uitgetrek en sy boklere vir hom
aangetrek en hom weggelei om
aan die paal gehang te word.[h]

**32** Terwyl hulle uitgegaan
het, het hulle ’n boorling van Si-
re′ne met die naam Simon[i] ge-
vind. Hulle het hierdie man ge-
kommandeer om sy folterpaal
op te tel. **33** En toe hulle by ’n
plek kom wat *Gol′gota,*[j] dit wil
sê Skedelplek, genoem word,
**34** het hulle hom wyn gemeng
met gal[k] gegee om te drink;
maar nadat hy dit geproe het,
het hy geweier om te drink.[l]
**35** Toe hulle hom aan die paal
gehang het,[m] het hulle sy bo-
klere[n] verdeel deur die lot te
werp,[o] **36** en terwyl hulle ge-
sit het, het hulle hom daar be-
waak. **37** Ook het hulle die
aanklag teen hom in skrif bo sy
kop aangebring: “Dit is Jesus,
die Koning van die Jode.”[p]

**38** Toe is twee rowers saam
met hom aan pale gehang, een
aan sy regter- en een aan sy
linkerkant.[q] **39** En die verby-
gangers het hom begin smaad,[r]

**HFST. 27**

a Lu 23:17, Joh 18:39
b Lu 23:19, Joh 18:40
c Mr 15:9
d Spr 27:4, Joh 12:19, Ro 1:29
e Mr 15:10
f Jes 53:11, Sag 9:9, 1Jo 2:1
g Mt 2:12
h Lu 23:18, Joh 18:40, Han 3:14
i Mr 15:11
j Mr 15:13, Lu 23:21
k Mr 15:14, Lu 23:23, Han 3:13
l De 21:6
m De 19:10, Jos 2:19, Han 5:28, 1Te 2:15
n Lu 18:33, Joh 19:1

**Tweede kol.**

a Mr 15:15, Lu 23:25
b Mr 15:16
c Joh 19:2
d Rig 16:25
e Mr 15:19, Joh 19:3
f Jes 49:7, Jes 50:6, Mt 26:67
g Jes 53:7, Mt 20:19
h Mr 15:20
i Mr 15:21, Lu 23:26, Joh 19:17
j Lu 23:33, Joh 19:17
k Ps 69:21
l Mr 15:23
m Ps 22:16, Joh 19:18
n Ps 22:18, Lu 23:34, Joh 19:23
o Mr 15:24
p Mr 15:26, Lu 23:38, Joh 19:19
q Jes 53:12, Mr 15:27, Lu 23:33, Joh 19:18
r Lu 18:32, Heb 12:3

hulle kop geskud[a] **40** en ge-
sê: “O jy wat glo die tempel
sou afbreek[b] en in drie dae
sou opbou, red jouself! As jy
’n seun van God is, kom van
die folterpaal af!”[c] **41** Net so
het ook die hoofpriesters saam
met die skrifgeleerdes en ouer
manne met hom die spot be-
gin dryf en gesê:[d] **42** “Ander
het hy gered; homself kan hy
nie red nie! Hy is Koning[e] van
Israel; laat hom nou van die fol-
terpaal afkom en ons sal in
hom glo.[f] **43** Hy het sy ver-
troue in God gestel; laat Hy
hom nou red[g] as Hy hom wil hê,
want hy het gesê: ‘Ek is God se
Seun.’ ”[h] **44** Op dieselfde ma-
nier het selfs die rowers wat
saam met hom aan pale gehang
is, hom begin smaad.[i]

**45** Van die sesde uur af het
daar ’n duisternis[j] oor die hele
land gekom, tot die negende
uur toe.[k] **46** Omstreeks die
negende uur het Jesus met ’n
harde stem uitgeroep en gesê:
*“Eli, Eli, lama sabagta′ni?”*
dit is: “My God, my God, waar-
om het u my verlaat?”[l] **47** Toe
hulle dit hoor, het party van
dié wat daar gestaan het, begin
sê: “Hierdie man roep Eli′a.”[m]
**48** En onmiddellik het een van
hulle gehardloop en ’n spons
geneem en dit met suur[n] wyn
deurweek en dit op ’n riet ge-
sit en dit vir hom gegee om te
drink.[o] **49** Maar die res van
hulle het gesê: “Laat staan hom!
Laat ons sien of Eli′a hom kom
red.”[p] [[’n Ander man het ’n
spies geneem en sy sy deur-
boor, en bloed en water het uit-
gekom.]][q] **50** Jesus het weer
met ’n harde stem uitgeroep en
die gees gegee.[r]

**51** En kyk! die voorhangsel[s]
van die heiligdom het van bo
tot onder in twee geskeur,[t] en
die aarde het geskud, en die
rotse het geskeur.[a] **52** En die
gedenkgrafte is geopen en baie
liggame van die heiliges wat
ontslaap het, is opgerig **53** (en
mense, wat tussen die gedenk-
grafte uitgekom het nadat hy
opgewek is, het in die heili-
ge stad ingegaan),[b] en hulle het
vir baie mense sigbaar geword.
**54** Maar toe die leëroffisier en
dié wat Jesus saam met hom be-
waak het, die aardbewing sien
en die dinge wat gebeur, het
hulle baie bang geword en gesê:
“Hy was beslis God se Seun.”[c]

**55** En baie vroue, wat Jesus
van Galile′a af vergesel het om
hom te bedien,[d] was daar en
het van ’n afstand toegekyk;[e]
**56** onder hulle was Maria Mag-
dale′na, ook Maria, die moeder
van Jakobus en Joses, en die
moeder van die seuns van Sebe-
de′us.[f]

**57** En aangesien dit laatmid-
dag was, het daar ’n ryk man
van Arimate′a gekom, met die
naam Josef, wat self ook ’n dis-
sipel van Jesus geword het.[g]
**58** Hierdie man het na Pilatus
toe gegaan en die liggaam van
Jesus gevra.[h] Toe het Pilatus
beveel dat dit oorgegee moet
word.[i] **59** En Josef het die lig-
gaam geneem, dit in skoon fyn
linne toegedraai[j] **60** en dit in
sy nuwe gedenkgraf neergelê,[k]
wat hy in die rots uitgekap het.
En nadat hy ’n groot klip voor
die deur van die gedenkgraf ge-
rol het, het hy weggegaan.[l]
**61** Maar Maria Magdale′na en
die ander Maria het daar gebly
en voor die graf gesit.[m]

**62** Die volgende dag, wat ná
die Voorbereiding[n] was, het die
hoofpriesters en die Fariseërs
voor Pilatus bymekaargekom
**63** en gesê: “Meneer, ons ont-
hou dat daardie bedrieër, toe hy

**HFST. 27**

a Ps 22:7; Ps 109:25; Lu 23:35
b Mt 26:61; Joh 2:19
c Mr 15:30; Lu 4:3
d Mr 15:31; Lu 23:35
e Joh 1:49; Joh 12:13
f Mr 15:32
g Ps 3:2; Ps 22:8; Ps 42:10
h Mr 14:62; Joh 5:18; Joh 10:36
i Mr 15:32; Lu 23:39
j Am 8:9
k Mr 15:33; Lu 23:44
l Ps 22:1; Jes 53:10; Mr 15:34
m Mr 15:35
n Ps 69:21
o Lu 23:36; Joh 19:29
p Mr 15:36
q Joh 19:34
r Mr 15:37; Lu 23:46; Joh 19:30
s Eks 26:31; Heb 9:3; Heb 10:20
t Mr 15:38; Lu 23:45

**Tweede kol.**

a 1Sa 14:15
b Mt 4:5
c Mr 15:39; Lu 23:47
d Mr 15:41; Lu 8:3
e Lu 23:49
f Mt 20:20; Mr 15:40; Joh 19:25
g Mr 15:43
h De 21:23; Mr 15:43; Lu 23:52
i Mr 15:45; Joh 19:38
j Mr 15:46; Lu 23:53; Joh 19:40
k Jes 53:9; Han 13:29
l Mr 15:46; Lu 23:53; Joh 19:41
m Mr 15:47; Lu 23:55
n Mr 15:42; Lu 23:54; Joh 19:14

nog gelewe het, gesê het: 'Ná
drie dae[a] sal ek opgewek word.'
**64** Beveel dan dat die graf tot
die derde dag toe beveilig moet
word, sodat sy dissipels nie dalk
kom en hom steel[b] en vir die
volk sê: 'Hy is uit die dode opge-
wek!' en hierdie laaste bedrog
erger as die eerste sal wees
nie." **65** Pilatus het vir hulle
gesê: "Julle het 'n wag.[c] Gaan
beveilig dit na julle beste wete."
**66** Toe het hulle gegaan en die
graf beveilig deur die klip te
verseël[d] en die wag daar te laat
bly.

**28** Ná die sabbat, toe dit be-
gin lig word op die eer-
ste dag van die week, het Maria
Magdale'na en die ander Maria
gekom om na die graf te kyk.[e]

**2** En kyk! 'n groot aardbe-
wing het plaasgevind; want Je-
hovah se engel het uit die he-
mel neergedaal en nader gekom
en die klip weggerol en daar-
op gesit.[f] **3** Sy voorkoms was
soos weerlig[g] en sy klere so wit
soos sneeu.[h] **4** Ja, uit vrees
vir hom het die wagte gebewe
en soos dooies geword.

**5** Maar die engel[i] het geant-
woord en vir die vroue ge-
sê: "Julle moenie bevrees wees
nie, want ek weet julle soek Je-
sus,[j] wat aan die paal gehang is.
**6** Hy is nie hier nie, want hy
is opgewek,[k] soos hy gesê het.
Kom, kyk na die plek waar hy
gelê het. **7** En gaan gou en sê
vir sy dissipels dat hy uit die
dode opgewek is,[l] en kyk! hy
gaan voor julle uit na Galile'a;[m]
daar sal julle hom sien. Kyk! Ek
het dit vir julle gesê."[n]

**8** Toe het hulle gou, met
vrees en groot vreugde, van die
gedenkgraf weggegaan en ge-
hardloop om vir sy dissipels te
vertel.[o] **9** En kyk! Jesus het
hulle ontmoet en gesê: "Goeie-
dag!" Hulle het nader gegaan
en hom aan sy voete gegryp en
aan hom hulde bewys. **10** Toe
het Jesus vir hulle gesê: "Moe-
nie vrees nie! Gaan, vertel vir
my broers,[a] sodat hulle na Gali-
le'a kan gaan; en daar sal hulle
my sien."

**11** Terwyl hulle op pad was,
kyk! toe het party van die wag-
te[b] in die stad ingegaan en vir
die hoofpriesters alles vertel
wat gebeur het. **12** En nadat
dié saam met die ouer manne
bymekaargekom en beraad-
slaag het, het hulle vir die solda-
te genoeg silwerstukke gegee[c]
**13** en gesê: "Sê: 'Sy dissipels[d]
het in die nag gekom en hom
gesteel terwyl ons geslaap het.'
**14** En as die goewerneur daar-
van te hore kom, sal ons hom
oorreed en maak dat julle vry
van kommer is." **15** Toe het
hulle die silwerstukke geneem
en gedoen soos hulle aangesê is;
en hierdie woord is onder die
Jode versprei, tot vandag toe.

**16** Die elf dissipels het eg-
ter na Galile'a[e] gegaan, na die
berg waar Jesus met hulle af-
gespreek het, **17** en toe hul-
le hom sien, het hulle aan
hom hulde bewys, maar par-
ty het getwyfel.[f] **18** En Jesus
het nader gekom en met hul-
le gepraat en gesê: "Alle gesag[g]
in die hemel en op die aarde
is aan my gegee. **19** Gaan dus
en maak dissipels[h] van mense
van al die nasies,[i] en doop[j] hul-
le in die naam van die Vader[k] en
van die Seun[l] en van die heili-
ge gees,[m] **20** en leer hulle[n] om
alles te onderhou[o] wat ek jul-
le beveel het.[p] En kyk! ek is
met julle[q] al die dae tot aan die
voleinding van die stelsel van
dinge."[r]

**HFST. 27**
a Mt 12:40; Joh 2:19
b Mt 28:13
c Mt 28:11
d Da 6:17

**HFST. 28**
e Mr 16:1; Lu 24:1; Lu 24:10; Joh 20:1
f Mr 16:4; Lu 24:2
g Rig 13:6; Da 10:6
h Mr 16:5; Lu 24:4; Han 1:10; Op 10:1
i Heb 1:14
j Mr 16:6
k Mt 16:21; Mt 17:23; Lu 24:6; 1Ko 15:4
l 2Ti 2:8
m Mt 26:32; Mt 28:16; Mr 14:28
n Mr 16:7
o Mr 16:8; Lu 24:9

**Tweede kol.**
a Joh 20:17; Ro 8:29; Heb 2:11
b Mt 27:65
c Spr 17:23
d Mt 27:64
e Mt 26:32; 1Ko 15:6
f Mt 14:31
g Da 7:14; Mt 11:27; Ef 1:21; Flp 2:9
h Han 14:21; Han 21:16
i Han 1:8; Ro 10:18; Ro 11:13; Op 14:6
j Han 2:38; Han 8:12
k Ps 83:18; Jes 64:8
l Flp 2:9; Op 19:16
m Joh 14:16
n Mt 5:19; Han 20:20; 2Ti 2:2
o Mt 7:24; Joh 14:23; 1Ti 6:14
p 1Ko 11:23; 2Pe 3:2; 1Jo 3:23
q Mt 18:20; Han 18:10
r Mt 13:39; Mt 13:49; Mt 24:3

VOLGENS
# MARKUS

**1** Die begin van die goeie
nuus oor Jesus Chris-
tus: **2** Net soos daar geskry-
we staan in die profeet Jesaja:
“(Kyk! Ek stuur my boodskap-
per voor jou aangesig uit, wat
jou weg sal berei;)[a] **3** luister!
iemand roep in die wildernis
uit: ‘BEREI die weg van Jeho-
vah, maak sy paaie reguit’ ”,[b]
**4** het Johannes, die doper, in
die wildernis verskyn en doop
as ’n simbool van berou tot ver-
gifnis van sondes[c] verkondig.
**5** Gevolglik het die hele gebied
van Jude′a en al die inwoners
van Jerusalem na hom toe uit-
gegaan, en hulle is deur hom
in die Jordaanrivier gedoop en
het hulle sondes openlik bely.[d]
**6** En Johannes was geklee met
kameelhaar en met ’n leergor-
del om sy lendene[e] en het sprin-
kane[f] en wilde heuning geëet.[g]
**7** En hy het gepreek en gesê:
“Ná my kom iemand wat ster-
ker is as ek; ek is nie werd om
te buk en die rieme van sy san-
dale los te maak nie.[h] **8** Ek
het julle met water gedoop,
maar hy sal julle met heilige
gees doop.”[i]

**9** Jesus het in die loop van
daardie dae van Na′saret in Ga-
lile′a af gekom en is deur Jo-
hannes in die Jordaan gedoop.[j]
**10** En onmiddellik toe hy uit
die water opkom, het hy gesien
hoe die hemele oopgaan en die
gees, soos ’n duif, op hom neer-
daal;[k] **11** en ’n stem het uit
die hemele gekom: “Jy is my
Seun, die geliefde; ek het jou
goedgekeur.”[l]

**12** En onmiddellik het die
gees hom gedryf om die wilder-
nis in te gaan.[a] **13** En hy het
veertig dae[b] in die wildernis
gebly, waar hy deur Satan ver-
soek is,[c] en hy was saam met
die wilde diere, maar die enge-
le het hom bedien.[d]

**14** En nadat Johannes gear-
resteer is, het Jesus na Gali-
le′a[e] gegaan en die goeie nuus
van God verkondig[f] **15** en ge-
sê: “Die vasgestelde tyd is ver-
vul,[g] en die koninkryk van God
het naby gekom. WEES berou-
vol[h] en stel geloof in die goeie
nuus.”

**16** Terwyl hy langs die see
van Galile′a geloop het, het hy
Simon[i] en Andre′as, die broer
van Simon, hulle nette in die
see sien uitgooi, want hulle
was vissers.[j] **17** Toe het Je-
sus vir hulle gesê: “Kom agter
my aan, en ek sal maak dat jul-
le vissers van mense word.”[k]
**18** En hulle het dadelik hulle
nette laat staan en hom ge-
volg.[l] **19** En nadat hy ’n ent-
jie verder gegaan het, het hy
Jakobus, die seun van Sebe-
de′us, en sy broer Johannes ge-
sien terwyl hulle juis in hulle
boot besig was om hulle nette
heel te maak;[m] **20** en hy het
hulle dadelik geroep. Hierop
het hulle hulle vader Sebede′us
met die huurlinge in die boot
gelaat en agter hom aan ge-
gaan. **21** En hulle het in Ka-
per′naum[n] ingegaan.

Die sabbat het skaars aan-
gebreek of hy het in die si-
nagoge ingegaan en begin leer.
**22** En hulle was verstom oor
die manier waarop hy geleer
het,[o] want hy het hulle ge-
leer soos een wat gesag het,

**HFST. 1**
a Mal 3:1, Mt 11:10, Lu 7:27
b Jes 40:3, Lu 3:4, Joh 1:23
c Mt 3:2, Lu 3:3, Han 13:24
d Spr 28:13, Mal 3:5, Han 19:4
e 2Kn 1:8
f Le 11:22
g Mt 3:4
h Joh 1:27, Han 13:25
i Jes 44:3, Jl 2:28, Lu 3:16, Han 2:4, Han 11:16, 1Ko 12:13
j Mt 3:13
k Jes 42:1, Mt 3:16, Lu 3:22, Joh 1:32
l Ps 2:7, Mt 3:17, 2Pe 1:17

**Tweede kol.**
a Lu 4:1
b Mt 4:2
c Mt 4:1
d Mt 4:11
e Mt 4:12, Lu 4:14
f Lu 8:1
g Da 9:26, Ga 4:4, Ef 1:10
h Mt 4:17
i Mt 10:2
j Mt 4:18, Lu 5:4
k Mt 4:19
l Mt 19:27, Lu 5:11
m Mt 4:21
n Mt 4:13, Lu 4:31
o Mt 7:28

en nie soos die skrifgeleerdes
nie.[a] **23** En daar was juis op
daardie oomblik in hulle sinago-
ge ’n man wat in die mag van ’n
onrein gees was, en hy het
geskreeu[b] **24** en gesê: “Wat
het ons met jou te doen, Je-
sus, Nasarener?[c] Het jy gekom
om ons te vernietig? Ek weet[d]
presies wie jy is: die Heilige[e]
van God.”[f] **25** Maar Jesus het
hom bestraf en gesê: “Bly stil,
en kom uit hom uit!”[g] **26** En
nadat die onrein gees hom ’n
stuiptrekking laat kry het en
so hard soos hy kon geskreeu
het, het hy uit hom uitgekom.[h]
**27** Wel, die mense was almal so
verstom dat hulle dit onder me-
kaar begin bespreek het en ge-
sê het: “Wat is dit? ’n Nuwe leer!
Selfs die onrein geeste beveel
hy met gesag, en hulle gehoor-
saam hom.”[i] **28** En die berig
oor hom het onmiddellik in alle
rigtings deur die hele omliggen-
de gebied in Galile′a[j] versprei.

**29** En hulle het onmiddellik
uit die sinagoge uitgegaan en
saam met Jakobus en Johan-
nes in die huis van Simon[k] en
Andre′as ingegaan. **30** En Si-
mon se skoonmoeder[l] het met
koors siek gelê,[m] en hulle het
hom dadelik van haar vertel.
**31** En hy het na haar toe ge-
gaan, haar by die hand geneem
en haar opgehelp; en die koors
het haar verlaat,[n] en sy het
hulle begin bedien.[o]

**32** Nadat dit aand geword
het, toe die son reeds onder
was, het die mense al die sie-
kes[p] en die demoonbesetenes[q]
na hom toe begin bring; **33** en
die hele stad was reg voor die
deur bymekaar. **34** Toe het
hy baie genees wat aan al-
lerhande siektes[r] gely het, en
hy het baie demone uitgedryf,
maar hy het die demone nie toe-
gelaat om te praat nie, omdat
hulle geweet het dat hy Chris-
tus is.[a]

**35** En vroeg die oggend, ter-
wyl dit nog donker was, het hy
opgestaan en buitentoe gegaan
en na ’n eensame plek[b] wegge-
gaan, en daar het hy begin
bid.[c] **36** Simon en dié wat by
hom was, het hom egter gaan
soek **37** en hom gevind, en
hulle het vir hom gesê: “Almal
soek u.” **38** Maar hy het vir
hulle gesê: “Laat ons êrens an-
ders heen gaan, in die nabyge-
leë dorpe in, sodat ek ook daar
kan preek,[d] want daarvoor het
ek uitgegaan.”[e] **39** En hy het
gegaan en deur die hele Gali-
le′a in hulle sinagoges gepreek
en die demone uitgedryf.[f]

**40** Daar het ook ’n melaat-
se na hom toe gekom wat selfs
gekniel en hom gesoebat het
en vir hom gesê het: “As u
net wil, kan u my rein maak.”[g]
**41** En beweeg deur innige jam-
merte[h] het hy sy hand uitge-
steek en hom aangeraak en vir
hom gesê: “Ek wil. Word gerei-
nig.”[i] **42** En onmiddellik het
die melaatsheid van hom ver-
dwyn, en hy het rein geword.[j]
**43** Verder het hy hom streng
bevel gegee en hom dadelik
weggestuur **44** en vir hom
gesê: “Sorg dat jy vir niemand
iets vertel nie, maar gaan wys
jou vir die priester[k] en offer vir
jou reiniging die dinge wat Mo-
ses voorgeskryf het,[l] as ’n ge-
tuienis vir hulle.”[m] **45** Maar
nadat die man weggegaan het,
het hy begin om dit wyd en syd
te verkondig en om die saak
oral te versprei, sodat Jesus nie
meer openlik in ’n stad kon in-
gaan nie, maar buite op eensa-
me plekke gebly het. Tog het
hulle van alle kante af na hom
toe bly kom.[n]

**HFST. 1**
a Mt 7:29
b Lu 4:33
c Mt 8:29
d Jak 2:19
e Op 3:7
f Lu 4:34
g Lu 4:35
h Mr 9:20, Mr 9:26
i Lu 4:36
j Mt 4:24, Lu 4:37
k Lu 4:38
l 1Ko 9:5
m Mt 8:14
n Ps 103:3
o Mt 8:15, Lu 4:39
p Mt 4:24, Lu 4:40
q Mt 8:16
r Jes 53:4

**Tweede kol.**
a Mr 3:12, Lu 4:41
b Lu 4:42
c Mt 14:23, Mr 14:32, Heb 5:7
d Jes 61:1
e Lu 4:43, Joh 17:4
f Mt 4:23, Lu 4:44
g Mt 8:2, Lu 5:12
h Heb 2:17
i Mt 8:3
j Lu 5:13
k Le 13:49, Le 14:3
l Le 14:10, De 24:8
m Mt 8:4, Lu 5:14
n Mr 2:13, Lu 5:15

**2** Maar ná ’n paar dae het
hy weer in Kaper′naum in-
gegaan en is daar berig dat
hy by die huis is.[a] **2** Gevolglik
het baie bymekaargekom, sodat
daar selfs by die deur nie meer
plek was nie, en hy het die
woord[b] tot hulle begin spreek.
**3** En manne het gekom en ’n
verlamde wat deur vier ge-
dra is, na hom toe gebring.[c]
**4** Maar omdat hulle hom weens
die skare nie tot by Jesus kon
bring nie, het hulle die dak reg
bokant hom verwyder, en nadat
hulle ’n opening gegrawe het,
het hulle die draagbed waar-
op die verlamde gelê het, laat
sak.[d] **5** En toe Jesus hulle ge-
loof sien,[e] het hy vir die ver-
lamde gesê: “Kind, jou sondes
is vergewe.”[f] **6** En party van
die skrifgeleerdes was daar en
het in hulle harte gesit en rede-
neer:[g] **7** “Waarom praat hier-
die man so? Hy laster. Wie kan
sondes vergewe, behalwe een,
God?”[h] **8** Maar Jesus, wat on-
middellik deur sy gees onder-
skei het dat hulle só by hulle-
self redeneer, het vir hulle gesê:
“Waarom redeneer julle in jul-
le harte oor hierdie dinge?[i]
**9** Wat is makliker—om vir die
verlamde te sê: ‘Jou sondes is
vergewe’, of om te sê: ‘Staan op
en tel jou draagbed op en loop’?[j]
**10** Maar sodat julle kan weet
dat die Seun van die mens[k] ge-
sag het om op die aarde son-
des te vergewe”[l]—het hy vir die
verlamde gesê: **11** “Ek sê vir
jou: Staan op, tel jou draagbed
op en gaan na jou huis toe.”[m]
**12** Daarop het hy opgestaan en
onmiddellik sy draagbed opge-
tel en voor hulle almal uitge-
loop,[n] sodat hulle almal eenvou-
dig in vervoering geraak het, en
hulle het God verheerlik en ge-
sê: “So iets het ons nog nooit ge-
sien nie.”[o]

**13** Hy het weer langs die see
uitgegaan; en die hele skare
het na hom toe bly kom, en hy
het hulle begin leer. **14** Maar
in die verbygaan het hy Levi,[a]
die seun van Alfe′us, by die be-
lastingkantoor sien sit, en hy
het vir hom gesê: “Word my
volgeling.” En hy het opge-
staan en hom gevolg.[b] **15** La-
ter was hy in sy huis aan ta-
fel, en baie belastinggaarders[c]
en sondaars was saam met Je-
sus en sy dissipels aan tafel,
want daar was baie, en hulle het
hom begin volg.[d] **16** Maar toe
die skrifgeleerdes van die Fa-
riseërs hom saam met die son-
daars en belastinggaarders sien
eet, het hulle vir sy dissipels be-
gin sê: “Eet hy saam met die be-
lastinggaarders en sondaars?”[e]
**17** Toe Jesus dit hoor, het hy
vir hulle gesê: “Dié wat sterk is,
het nie ’n geneesheer nodig nie,
maar dié wat siek is, het wel. Ek
het nie gekom om regverdiges
te roep nie, maar sondaars.”[f]

**18** En Johannes se dissipels
en die Fariseërs het die vas-
te onderhou. Toe het hulle ge-
kom en vir hom gesê: “Waarom
onderhou die dissipels van Jo-
hannes en die dissipels van
die Fariseërs die vaste, maar u
dissipels onderhou nie die vas-
te nie?”[g] **19** En Jesus het vir
hulle gesê: “Die vriende van
die bruidegom kan tog nie vas
terwyl die bruidegom by hul-
le is nie,[h] of hoe? Solank hulle
die bruidegom by hulle het, kan
hulle nie vas nie.[i] **20** Maar
daar sal dae kom wanneer die
bruidegom van hulle wegge-
neem sal word, en dan sal hul-
le in daardie dag vas.[j] **21** Nie-
mand werk ’n stuk ongekrimpte
materiaal op ’n ou bokleed vas
nie; as hy dit doen, trek die vol-
le sterkte daarvan van die bo-
kleed weg, die nuwe van die

**HFST. 2**
a Mt 9:1
b Ps 40:9; Jes 61:1; Ef 2:17; Heb 2:3
c Mt 9:2; Lu 5:18
d Lu 5:19
e Han 14:9
f Jes 53:11; Lu 5:20; Lu 7:48
g Lu 5:21
h Ps 130:4; Jes 43:25
i Ps 7:9; Mt 9:4; Lu 6:8; Heb 4:13; Op 2:23
j Mt 9:5; Lu 5:23
k Da 7:13
l Jes 53:11; Han 5:31
m Mt 9:6; Lu 5:24
n Mt 9:8; Lu 5:26
o Mt 9:33; Joh 7:31; Joh 9:32

**Tweede kol.**
a Mt 9:9
b Lu 5:27
c Lu 15:1
d Mt 9:10; Lu 5:29
e Jes 65:5; Mt 9:11; Lu 5:31
f Jes 61:1; Mt 9:12; Lu 5:31; Lu 19:10; 1Ti 1:15
g Mt 9:14; Lu 5:33
h Joh 3:29
i Ps 45; Mt 22:2; 2Ko 11:2; Op 19:7
j Mt 9:15; Lu 5:35; Lu 17:22

oue, en word die skeur erger.[a]
**22** Ook gooi niemand nuwe
wyn in ou wynsakke nie; as hy
dit doen, laat die wyn die sak-
ke bars, en die wyn sowel as die
sakke gaan verlore.[b] Maar men-
se gooi nuwe wyn in nuwe wyn-
sakke."[c]

**23** En hy het op die sabbat
deur die graanlande geloop, en
sy dissipels het in die loop are
begin pluk.[d] **24** Toe het die
Fariseërs vir hom gesê: "Kyk
hier! Waarom doen hulle op
die sabbat wat nie geoorloof is
nie?"[e] **25** Maar hy het vir hul-
le gesê: "Het julle nog nooit ge-
lees wat Dawid[f] gedoen het
toe hy gebrek begin ly het en
honger geword het nie, hy en
die manne wat by hom was?[g]
**26** Hoe hy—volgens die ver-
slag oor die hoofpriester Abja′-
tar[h]—in die huis van God inge-
gaan en die aanbiedingsbrode[i]
geëet het, wat vir niemand be-
halwe die priesters geoorloof is
om te eet nie,[j] en ook vir die
manne wat by hom was, daar-
van gegee het?"[k] **27** Toe het
hy verder vir hulle gesê: "Die
sabbat het ter wille van die
mens in aansyn gekom,[l] en nie
die mens ter wille van die sab-
bat nie;[m] **28** derhalwe is die
Seun van die mens Here selfs
van die sabbat."[n]

**3** Hy het weer eens in 'n sina-
goge ingegaan, en dáár was
'n man met 'n verdorde hand.[o]
**2** En hulle het hom fyn dopge-
hou om te sien of hy die man
op die sabbat sou genees, so-
dat hulle hom kon beskuldig.[p]
**3** En hy het vir die man met
die verdorde hand gesê: "Staan
op en kom na die middel toe."
**4** Daarna het hy vir hulle gesê:
"Is dit op die sabbat geoorloof
om 'n goeie daad te doen of om
'n slegte daad te doen, om 'n
siel te red of dood te maak?"[a]
Maar hulle het stilgebly. **5** En
nadat hy hulle rondom hom
met verontwaardiging aange-
kyk het, diep bedroef oor die
ongevoeligheid van hulle hart,[b]
het hy vir die man gesê: "Steek
jou hand uit." En hy het dit uit-
gesteek, en sy hand is herstel.[c]
**6** Daarop het die Fariseërs uit-
gegaan en onmiddellik met die
partyaanhangers van Herodes[d]
teen hom begin raad hou om
hom dood te maak.[e]

**7** Maar Jesus het met sy dis-
sipels daarvandaan weggegaan
na die see; en 'n groot menig-
te uit Galile′a en uit Jude′a het
hom gevolg.[f] **8** Selfs uit Jeru-
salem en uit Idume′a en van
oorkant die Jordaan en rond-
om Tirus[g] en Sidon het 'n groot
menigte na hom toe gekom toe
hulle hoor wat hy alles doen.
**9** En hy het vir sy dissipels ge-
sê dat 'n bootjie voortdurend
tot sy beskikking moet wees so-
dat die skare nie teen hom
sou aandring nie. **10** Want hy
het talle genees, met die ge-
volg dat almal wat ernstige
kwale gehad het, op hom toege-
sak het om aan hom te raak.[h]
**11** Selfs die onrein geeste[i] het
hulle, elke keer as hulle hom ge-
sien het, voor hom neergewerp
en uitgeroep en gesê: "U is die
Seun van God."[j] **12** Maar hy
het hulle herhaaldelik streng
gelas om hom nie bekend te
maak nie.[k]

**13** En hy het 'n berg bestyg
en dié wat hy wou hê, na hom
toe geroep,[l] en hulle het na hom
toe gegaan.[m] **14** En hy het 'n
groep van twaalf gevorm, wat
hy ook "apostels" genoem het,
sodat hulle by hom kon bly en
sodat hy hulle kon uitstuur om
te preek[n] **15** en om gesag te
hê om die demone uit te dryf.[o]

**HFST. 2**
a Mt 9:16 Lu 5:36
b Job 32:19
c Mt 9:17 Lu 5:38
d De 23:25 Mt 12:1 Lu 6:1
e Mt 12:2
f 1Sa 21:6
g Mt 12:3 Lu 6:3
h 1Sa 22:20
i Le 24:6
j Eks 25:30 Eks 29:32 Le 24:9
k Lu 6:4
l Eks 20:10 Ese 20:12
m Mt 12:7 Kol 2:16
n Mt 12:8 Lu 6:5

**HFST. 3**
o Mt 12:9 Lu 6:6
p Mt 12:10 Lu 6:7 Lu 14:1

**Tweede kol.**
a Mt 12:11 Lu 14:3
b Joh 12:40 Ro 11:25
c Mt 12:13 Lu 6:10
d Mt 22:16 Mr 12:13
e Mt 12:14 Lu 6:11 Joh 11:53
f Mt 12:15 Lu 6:17
g Mt 11:21
h Mt 9:21 Mr 5:28 Mr 6:56
i Mt 8:31 Mr 1:23
j Mr 5:7 Lu 4:41
k Mt 12:16 Mr 1:25
l Joh 15:16
m Lu 6:12 Lu 9:1
n Lu 6:13
o Mt 10:1

**16** En die groep van twaalf
wat hy gevorm het, het be-
staan uit Simon, aan wie hy
ook die bynaam Petrus[a] gegee
het, **17** en Jakobus, die seun
van Sebede′us, en Johannes, die
broer van Jakobus[b] (hy het hul-
le ook die bynaam Boaner′ges
gegee, wat Seuns van die Don-
der beteken), **18** en Andre′as
en Filippus en Bartolome′us en
Matte′us en Tomas en Jakobus,
die seun van Alfe′us, en Tad-
de′us en Simon die Kanane′ër
**19** en Judas Iska′riot, wat hom
later verraai het.[c]

En hy het in ’n huis inge-
gaan. **20** Weer eens het die
skare byeengekom, sodat hul-
le nie eens iets kon eet nie.[d]
**21** Maar toe sy familielede[e]
hiervan hoor, het hulle uitge-
gaan om hom in die hande te
kry, want hulle het gesê: “Hy
het van sy verstand af geraak.”[f]
**22** En die skrifgeleerdes wat
van Jerusalem af gekom het,
het gesê: “Hy het Beël′sebub,
en deur middel van die heerser
van die demone dryf hy die de-
mone uit.”[g] **23** Nadat hy hulle
na hom toe geroep het, het hy
dus deur illustrasies vir hulle
begin sê: “Hoe kan Satan Satan
uitdryf? **24** As ’n koninkryk
teen homself verdeeld raak,
kan daardie koninkryk immers
nie bly staan nie;[h] **25** en as
’n huis teen homself verdeeld
raak, sal daardie huis immers
nie kan bly staan nie.[i] **26** En
as Satan teen homself opge-
staan en verdeeld geraak het,
kan hy nie bly staan nie, maar
kom hy tot ’n einde.[j] **27** Trou-
ens, niemand wat in die huis
van ’n sterk man ingekom het,
kan sy losgoed plunder[k] tensy
hy die sterk man eers vasbind
nie, en dan sal hy sy huis plun-
der.[l] **28** Voorwaar, ek sê vir
julle dat alles die mensekin-
ders vergewe sal word, ongeag
watter sondes en lasteringe hul-
le op lasterlike wyse begaan.[a]
**29** Maar wie teen die heilige
gees laster, het tot in ewigheid
geen vergifnis nie, maar is skul-
dig aan ewige sonde.”[b] **30** Dít
omdat hulle gesê het: “Hy het ’n
onrein gees.”[c]

**31** En sy moeder en sy
broers[d] het gekom, en terwyl
hulle buite gestaan het, het
hulle na hom toe gestuur om
hom te roep.[e] **32** En ’n ska-
re het rondom hom gesit; toe
het hulle vir hom gesê: “Kyk!
U moeder en u broers daar bui-
te soek u.”[f] **33** Maar hy het
geantwoord en vir hulle ge-
sê: “Wie is my moeder en my
broers?”[g] **34** En nadat hy sy
blik laat rondgaan het oor dié
wat in ’n kring om hom sit,
het hy gesê: “Kyk, my moeder
en my broers![h] **35** Elkeen wat
die wil van God doen, dié is my
broer en suster en moeder.”[i]

**4** En hy het weer langs die
see begin leer.[j] En ’n baie
groot skare het by hom by-
mekaargekom, sodat hy in ’n
boot geklim en op die see gaan
sit het, maar die hele skare
langs die see was op die oewer.[k]
**2** Toe het hy begin om hulle
baie dinge deur illustrasies[l] te
leer en om vir hulle in sy le-
ring te sê:[m] **3** “Luister. Kyk!
Die saaier het uitgegaan om te
saai.[n] **4** En terwyl hy gesaai
het, het ’n deel van die saad
langs die pad geval, en die voëls
het gekom en dit opgeëet.[o]
**5** En ’n ander deel het op die
rotsagtige plek geval, waar dit
natuurlik nie baie grond gehad
het nie,[p] en dit het onmiddel-
lik opgeskiet omdat dit nie diep
grond gehad het nie. **6** Maar
toe die son opkom, is dit ver-

**HFST. 3**
a Joh 1:42
b Mt 10:2; Lu 6:14; Lu 9:54; Han 1:13
c Mt 10:4; Lu 6:16
d Mr 6:31
e Joh 7:5
f Joh 10:20
g Mt 9:34; Mt 10:25; Lu 11:15; Joh 8:48
h Mt 12:25
i Lu 11:17
j Mt 12:26; Lu 11:18
k Jes 49:24
l Mt 12:29

**Tweede kol.**
a Mt 12:31; Lu 12:10
b Mt 12:32; Heb 6:4; Heb 6:6; Heb 10:26; 1Jo 5:16
c Joh 7:20; Joh 10:20
d Mt 13:55; Joh 2:12; Han 1:14
e Mt 12:46; Lu 8:19
f Mt 12:47; Mr 6:3; Lu 8:20
g Mt 10:37
h Mt 12:49; Ro 8:29; Heb 2:11
i Mt 12:50; Lu 8:21; Joh 15:14

**HFST. 4**
j Jes 9:1
k Mt 13:1; Lu 8:4
l Mt 13:34
m Mt 13:3; Mr 12:38
n Mr 4:14; Lu 8:5
o Mt 13:4
p Mt 13:5; Mr 4:16; Mr 4:17; Lu 8:6

skroei, en omdat dit geen wor-
tel gehad het nie, het dit ver-
dor.[a] **7** En 'n ander deel het
tussen die dorings geval, en die
dorings het opgekom en dit ver-
stik, en dit het geen vrug opge-
lewer nie.[b] **8** Maar ander het
op die goeie grond geval,[c] en dit
het opgekom en toegeneem en
vrug begin oplewer, en dit het
dertig- en sestig- en honderd-
voudig gedra."[d] **9** Toe het hy
bygevoeg: "Laat hom wat ore
het om te luister, luister."[e]

**10** En toe hy alleen was, het
dié wat saam met die twaalf om
hom was, hom oor die illustra-
sies begin uitvra.[f] **11** En hy
het vir hulle begin sê: "Aan jul-
le is die heilige geheim[g] van
die koninkryk van God ge-
gee, maar vir dié wat buite
is, gebeur alles in illustrasies,[h]
**12** sodat hulle, hoewel hulle
kyk, sal kyk en tog nie sien
nie en, hoewel hulle hoor, sal
hoor en tog nie die sin daarvan
begryp of ooit terugdraai en
vergifnis geskenk word nie."[i]
**13** Verder het hy vir hulle gesê:
"Julle ken nie hierdie illustrasie
nie, en hoe sal julle dan al die
ander illustrasies verstaan?

**14** "Die saaier saai die
woord.[j] **15** Dit is dan hulle
wat langs die pad is waar die
woord gesaai word; maar sodra
hulle dit gehoor het, kom Sa-
tan[k] en neem die woord weg
wat in hulle gesaai is.[l] **16** En
net so is dit hulle wat op die
rotsagtige plekke gesaai word:
sodra hulle die woord gehoor
het, neem hulle dit met vreugde
aan.[m] **17** Hulle het egter geen
wortel in hulleself nie, maar
hulle bly 'n tyd lank; sodra
daar dan verdrukking of vervol-
ging weens die woord ontstaan,
struikel hulle.[n] **18** Daar is
nog ander wat tussen die do-
rings gesaai word; dit is hul-
le wat die woord gehoor het,[a]
**19** maar die sorge[b] van hier-
die stelsel van dinge en die be-
drieglike krag van rykdom[c] en
die begeertes[d] na die res van
die dinge dring in en verstik
die woord, en dit word onvrug-
baar.[e] **20** Laastens is hulle
wat op die goeie grond gesaai
is, dié wat na die woord luister
en dit gunstig ontvang en vrug
dra: dertig- en sestig- en hon-
derdvoudig."[f]

**21** En hy het verder vir hulle
gesê: " 'n Lamp word tog nie ge-
bring om onder 'n maatemmer
of onder 'n bed gesit te word
nie, of hoe? Dit word gebring
om op 'n lampstaander gesit te
word, nie waar nie?[g] **22** Want
daar is niks wat weggesteek is
behalwe met die doel om bloot-
gelê te word nie; niks het sorg-
vuldig verborge geraak buiten
met die doel om aan die lig te
kom nie.[h] **23** Wie ore het om
te luister, laat hom luister."[i]

**24** Hy het verder vir hulle
gesê: "Skenk aandag aan wat
julle hoor.[j] Met die maat waar-
mee julle uitmeet, sal vir jul-
le uitgemeet word,[k] ja, meer
sal vir julle bygevoeg word.[l]
**25** Want wie het, aan hom sal
meer gegee word; maar wie nie
het nie, van hom sal wegge-
neem word selfs wat hy het."[m]

**26** Toe het hy gesê: "In dié
opsig is die koninkryk van God
net soos wanneer 'n mens die
saad op die grond gooi,[n] **27** en
hy slaap snags en staan bedags
op, en die saad spruit uit en
word groot—presies hoe weet
hy nie.[o] **28** Vanself bring die
grond geleidelik vrug voort,
eers die grashalm, dan die aar,
uiteindelik die volle korrel in
die aar. **29** Maar sodra die
vrug dit toelaat, steek hy die

**HFST. 4**

a Mt 13:6, Jak 1:11
b Mt 13:7, Mr 4:18, Mr 4:19, Lu 8:7
c Heb 6:7
d Mt 13:8, Mr 4:20, Lu 8:8, Joh 15:5, Kol 1:6
e Spr 1:5, Mt 11:15
f Spr 4:7, Mt 13:10, Lu 8:9
g Ef 1:9, Kol 1:26
h Mt 13:11, Lu 8:10, Kol 4:5, 1Ti 3:7
i De 29:4, Jes 6:9, Jer 5:21, Mt 13:14, Joh 12:40, Han 28:26
j Mt 13:19, 1Pe 1:25
k 2Ko 2:11, 1Pe 5:8
l Heb 2:1
m Mt 13:20, Lu 8:13
n Mt 13:21

**Tweede kol.**

a Mt 13:22, Lu 8:14
b Mt 6:25, Mt 24:38
c Spr 23:5, Mr 10:23, Lu 18:24, 1Ti 6:9, 2Ti 4:10
d 1Jo 2:16
e Mt 13:22, Lu 8:14
f Mt 13:23, Ro 7:4, Kol 1:10, 2Pe 1:8
g Mt 5:15, Lu 11:33
h Mt 10:26, Lu 12:2, Han 4:20, 1Ti 5:25, 1Jo 1:2
i Spr 1:5, Mt 11:15, Op 2:7
j Lu 8:18, Jak 1:25
k Spr 11:25
l Mt 7:2, Lu 6:38, 2Ko 9:6
m Mt 13:12, Mt 25:23, Lu 8:18, Lu 19:26
n Mt 13:24
o Ge 1:11, Ga 6:7

sekel in, want die oestyd het ge-
kom.”

**30** En hy het verder gesê:
“Waarmee sal ons die konink-
ryk van God vergelyk, of met
watter illustrasie sal ons dit uit-
eensit?[a] **31** Dit is soos ’n mos-
terdsaadjie wat die kleinste van
al die sade op die aarde was
toe dit in die grond gesaai is[b]—
**32** maar wanneer dit gesaai is,
kom dit op en word dit groter
as al die ander groentesoorte en
maak dit groot takke,[c] sodat die
voëls van die hemel[d] onder sy
skaduwee blyplek kan vind.”[e]

**33** So het hy deur baie sulke
illustrasies[f] die woord tot hul-
le gespreek, vir sover hulle kon
luister. **34** Ja, sonder ’n illus-
trasie het hy nie met hulle ge-
praat nie, maar wanneer hulle
alleen was, het hy vir sy dissi-
pels alles verduidelik.[g]

**35** En daardie dag, nadat dit
aand geword het, het hy vir hul-
le gesê: “Laat ons oorvaar na
die ander oewer.”[h] **36** Nadat
hulle die skare weggestuur het,
het hulle hom dus in die boot
geneem, net soos hy was, en
daar was ander bote by hom.[i]
**37** En ’n baie groot windstorm
het losgebars, en die golwe het
aanhoudend by die boot inge-
slaan, sodat die boot al byna
vol was.[j] **38** Maar hy het in
die agterstewe op ’n kussing ge-
slaap. En hulle het hom wakker
gemaak en vir hom gesê: “Leer-
meester, gee u nie om dat ons
op die punt staan om te vergaan
nie?”[k] **39** Daarop het hy op-
gestaan en die wind bestraf en
vir die see gesê: “Bedaar! Wees
stil!”[l] En die wind het gaan lê,
en daar het ’n groot kalmte ge-
kom.[m] **40** Toe het hy vir hul-
le gesê: “Waarom is julle bang?
Het julle nog steeds geen ge-
loof nie?” **41** Maar hulle het
’n buitengewone vrees ervaar,
en hulle het vir mekaar gesê:
“Wie is hy tog, want selfs die
wind en die see gehoorsaam
hom?”[a]

**5** Wel, hulle het aan die oor-
kant van die see in die land
van die Geraseners[b] gekom.
**2** En onmiddellik nadat hy uit
die boot geklim het, het ’n
man wat in die mag van ’n
onrein gees was, hom tussen
die gedenkgrafte uit tegemoet-
gekom.[c] **3** Sy woonplek was
tussen die grafte; en tot op
daardie tydstip kon absoluut
niemand hom selfs met ’n ket-
ting vasbind nie, **4** want hy
is menigmaal met voetboeie en
kettings gebind, maar die ket-
tings is deur hom uitmekaar ge-
ruk en die voetboeie eenvou-
dig verbrysel; en niemand het
die krag gehad om hom te be-
dwing nie. **5** En hy het voort-
durend, nag en dag, in die graf-
te en in die berge geskreeu
en homself met klippe stuk-
kend gesny. **6** Maar toe hy Je-
sus van ver af sien, het hy ge-
hardloop en aan hom hulde
bewys, **7** en nadat hy met ’n
harde stem uitgeroep het,[d] het
hy gesê: “Wat het ek met u te
doen, Jesus, Seun van die Aller-
hoogste God?[e] Ek stel u onder
eed[f] by God om my nie te py-
nig nie.”[g] **8** Want hy het vir
hom gesê: “Kom uit die man uit,
jou onrein gees.”[h] **9** Maar hy
het hom begin vra: “Wat is jou
naam?” En hy het vir hom ge-
sê: “My naam is Legioen,[i] want
ons is baie.”[j] **10** En hy het
hom herhaaldelik gesoebat om
die geeste nie uit die land uit te
stuur nie.[k]

**11** En ’n groot trop varke[l]
het daar by die berg gewei.[m]
**12** Toe het hulle hom gesoebat
en gesê: “Stuur ons in die var-

HFST. 4
a Mt 13:31 Lu 13:18
b Mt 13:32 Lu 13:19
c Da 4:12 Da 4:21
d Ps 104:12 Ese 31:6
e Mt 13:34
f Ps 78:2
g Mt 13:11 Mt 13:35 Mr 4:11
h Mt 8:18
i Mt 8:23 Lu 8:22
j Mt 8:24 Lu 8:23
k Mt 8:25 Lu 8:24
l Ps 89:9
m Mt 8:26 Lu 8:24

Tweede kol.
a Mt 8:27 Lu 8:25 Joh 6:19

HFST. 5
b Mt 8:28 Lu 8:26
c Lu 8:27
d Han 16:17
e 1Kn 17:18 Jak 2:19
f Mt 26:63
g Mt 8:29
h Han 16:18
i Mt 12:45
j Lu 8:30
k Lu 8:31
l Le 11:7 De 14:8
m Mt 8:30 Lu 8:32

ke in, sodat ons in hulle kan in-
vaar.” 13 En hy het hulle dit
toegelaat. Daarop het die on-
rein geeste uitgekom en in die
varke ingevaar; en die trop het
oor die krans gestorm, die see
in—daar was omtrent tweedui-
send—en hulle het die een na
die ander in die see verdrink.[a]
14 Maar hulle wagters het ge-
vlug en dit in die stad en in die
buitedistrikte vertel; en mense
het kom kyk wat gebeur het.[b]
15 Toe het hulle by Jesus ge-
kom, en hulle het die demoon-
besetene sien sit, geklee en by
sy volle verstand, dié man wat
die legioen gehad het; en hul-
le het bevrees geword. 16 En
dié wat dit gesien het, het vir
hulle vertel hoe dit met die de-
moonbesetene gebeur het, en
van die varke. 17 Daarop het
hulle hom begin soebat om uit
hulle gebied weg te gaan.[c]

18 En toe hy in die boot
klim, het die man wat van de-
mone besete was, hom begin
soebat om by hom te kan bly.[d]
19 Hy het hom dit egter nie
toegelaat nie, maar vir hom ge-
sê: “Gaan huis toe na jou fami-
lielede,[e] en vertel vir hulle alles
wat Jehovah[f] vir jou gedoen het
en dat hy jou barmhartig[g] was.”
20 En hy het weggegaan en in
die Deka′polis[h] begin verkondig
wat Jesus alles vir hom gedoen
het, en al die mense het hulle
begin verwonder.[i]

21 Nadat Jesus weer in die
boot na die oorkantste oewer
teruggevaar het, het ’n groot
skare by hom bymekaarge-
kom; en hy was langs die see.[j]
22 En een van die presideren-
de beamptes van die sinago-
ge, met die naam Jaïrus, het
gekom, en toe hy hom sien,
het hy voor sy voete neerge-
val[k] 23 en hom herhaaldelik
gesoebat en gesê: “My dogter-
tjie is op haar uiterste. Kom as-
seblief en lê haar die hande op[a]
sodat sy kan gesond word en le-
we.”[b] 24 Daarop het hy saam
met hom gegaan. En ’n groot
menigte het hom gevolg en teen
hom aangedring.[c]

25 En daar was ’n vrou wat
twaalf jaar[d] lank aan bloed-
vloeiing[e] gely het, 26 en sy is
baie pyn besorg deur talle ge-
neeshere[f] en het ál haar mid-
dele bestee en nie baat daarby
gevind nie, maar eerder erger
geword. 27 Toe sy die dinge
oor Jesus hoor, het sy in die
skare van agter gekom en aan
sy bokleed geraak;[g] 28 want
sy het bly sê: “As ek net aan
sy boklere raak, sal ek ge-
sond word.”[h] 29 En onmid-
dellik het die fontein van haar
bloed opgedroog, en sy het in
haar liggaam agtergekom dat
sy van die ernstige siekte ge-
nees is.[i]

30 Ook Jesus het onmiddel-
lik in homself bemerk dat krag[j]
van hom uitgegaan het, en hy
het in die skare omgedraai en
begin sê: “Wie het aan my bo-
klere geraak?”[k] 31 Maar sy
dissipels het vir hom begin sê:
“U sien dat die skare teen u aan-
dring,[l] en sê u dan nog: ‘Wie
het aan my geraak?’” 32 Hy
het egter rondgekyk om haar
te sien wat dit gedoen het.
33 Maar die vrou het, bang
en bewend en omdat sy ge-
weet het wat met haar gebeur
het, voor hom kom neerval en
vir hom die hele waarheid ver-
tel.[m] 34 Hy het vir haar gesê:
“Dogter, jou geloof het jou ge-
sond gemaak. Gaan in vrede,[n]
en wees van jou ernstige siekte
genees.”[o]

35 Terwyl hy nog gepraat
het, het daar manne van die

**HFST. 5**

a Mt 8:32; Lu 8:33
b Mt 8:33; Lu 8:35
c Mt 8:34; Lu 8:37; Han 16:39; 1Ko 2:14
d Lu 8:38
e Mr 6:4
f Eks 18:8
g Ro 9:15; Ef 2:4
h Mr 7:31
i Lu 8:39
j Lu 8:40
k Lu 8:41

**Tweede kol.**

a Mr 6:5; Lu 4:40; Han 9:17
b Mt 9:18
c Mt 9:19; Lu 8:42
d Mt 9:20; Lu 8:43
e Le 15:25
f Ps 108:12
g Mt 14:36; Mr 6:56
h Le 6:27; Mt 9:21
i Lu 8:44
j Lu 5:17; Lu 6:19
k Lu 8:46
l Lu 8:45
m Lu 8:47
n Rig 18:6; 1Sa 1:17; Lu 7:50; Lu 8:48
o Mt 9:22

huis van die presiderende be-
ampte van die sinagoge ge-
kom en gesê: “U dogter het
gesterf! Waarom sou u die leer-
meester nog langer lastig val?”[a]
**36** Maar Jesus het toevallig die
woord gehoor wat gespreek is
en het vir die presiderende be-
ampte van die sinagoge gesê:
“Moenie vrees nie, beoefen net
geloof.”[b] **37** En hy het nie-
mand toegelaat om saam met
hom te gaan nie, behalwe Pe-
trus en Jakobus en Johannes,
die broer van Jakobus.[c]

**38** Toe het hulle by die huis
van die presiderende beamp-
te van die sinagoge gekom, en
hy het die rumoer gesien, en
dié wat huil en baie weeklaag,
**39** en nadat hy ingegaan het,
het hy vir hulle gesê: “Waarom
gaan julle so te kere en huil jul-
le? Die jong kind het nie gesterf
nie, maar slaap.”[d] **40** Hierop
het hulle hom begin uitlag.
Maar nadat hy hulle almal uit-
gestuur het, het hy die jong
kind se vader en moeder en dié
wat by hom was, saamgeneem
en ingegaan waar die jong kind
was.[e] **41** En hy het die hand
van die jong kind geneem en
vir haar gesê: *“Tali′ta koemi”,*
wat, wanneer dit vertaal word,
beteken: “Meisie, ek sê vir jou:
Staan op!”[f] **42** En onmiddel-
lik het die meisie opgestaan en
begin loop, want sy was twaalf
jaar oud. En dadelik was hul-
le buite hulleself van groot
ekstase.[g] **43** Maar hy het hul-
le keer op keer beveel om nie-
mand hiervan te laat weet nie,[h]
en hy het gesê dat sy iets gegee
moet word om te eet.

**6** En hy het daarvandaan ver-
trek en in sy tuisgebied ge-
kom, en sy dissipels het hom ge-
volg.[i] **2** Toe dit sabbat word,
het hy in die sinagoge begin
leer; en die meeste van dié
wat geluister het, was verstom
en het gesê: “Waar het hierdie
man dié dinge gekry?[a] En waar-
om is hierdie wysheid aan hier-
die man gegee en word sulke
kragtige werke deur sy hande
verrig? **3** Is hy dan nie die
timmerman,[b] die seun van Ma-
ria[c] en die broer van Jakobus[d]
en Josef en Judas en Simon[e]
nie? En is sy susters dan nie
hier by ons nie?” Toe het hulle
aanstoot aan hom begin neem.[f]
**4** Maar Jesus het vir hulle ge-
sê: “’n Profeet is nie ongeëerd
nie, behalwe in sy tuisgebied[g]
en onder sy familielede en in sy
eie huis.”[h] **5** Hy kon dus geen
kragtige werk daar doen nie,
behalwe om ’n paar sieklikes
die hande op te lê en hulle te
genees. **6** Ja, hy was verwon-
derd oor hulle gebrek aan ge-
loof. En hy het die dorpies daar-
omheen in ’n kring deurgegaan
en geleer.[i]

**7** En hy het die twaalf na
hom toe geroep, en hy het hul-
le twee-twee begin uitstuur,[j] en
hy het hulle gesag oor die on-
rein geeste begin gee.[k] **8** Ook
het hy hulle beveel om niks be-
halwe net ’n staf vir die reis
saam te dra nie, geen brood,
geen voedselsak,[l] geen koper-
geld in hulle gordelbeurse nie,[m]
**9** maar om sandale aan te bind,
en om nie twee onderkleding-
stukke te dra nie.[n] **10** Verder
het hy vir hulle gesê: “Oral
waar julle in ’n huis ingaan,[o] bly
daar totdat julle daarvandaan
weggaan.[p] **11** En oral waar ’n
plek julle nie ontvang nie of na
julle nie luister nie, skud die
stof wat onder julle voete is af
wanneer julle daarvandaan uit-
gaan, as ’n getuienis vir hul-
le.”[q] **12** Toe het hulle vertrek

**HFST. 5**
a Lu 8:49
b 2Kr 20:20 Lu 8:50 Joh 11:40
c Mt 17:1 Mt 26:37
d Mt 9:23 Lu 8:52 Joh 11:11
e Mt 9:24 Lu 8:51 Lu 8:53
f Mt 9:25 Lu 7:14 Lu 8:54 Han 9:40
g Lu 8:55
h Mr 1:44 Mr 7:36

**HFST. 6**
i Mt 13:54 Lu 4:16

**Tweede kol.**
a Mt 13:54 Joh 6:42 Joh 7:15
b Jes 53:2 1Ko 1:23
c Joh 6:42
d Ga 1:19
e Mr 3:31
f Mt 13:56
g Jer 11:21
h Mt 13:57 Lu 4:24 Joh 4:44
i Mt 9:35 Mt 10:23 Lu 13:22
j Pr 4:9 Lu 10:1
k Mt 10:1 Lu 9:1
l Ro 15:27 Ga 6:6
m Mt 10:9 Lu 9:3
n Mt 10:10 Han 12:8
o Mt 10:11
p Lu 9:4
q Mt 10:14 Lu 10:10 Han 13:51

en gepreek sodat mense berou
kon hê;[a] **13** en hulle het baie
demone uitgedryf[b] en baie siek-
like mense met olie gesalf[c] en
hulle genees.[d]

**14** En koning Herodes het
dit te hore gekom, want die
naam van Jesus het algemeen
bekend geword, en mense het
gesê: "Johannes, die doper, is
uit die dode opgewek, en daar-
om werk die kragtige werke
in hom."[e] **15** Maar ander het
gesê: "Dit is Eli′a."[f] Nog an-
der het gesê: "Dit is 'n pro-
feet soos een van die profete."[g]
**16** Maar toe Herodes dit hoor,
het hy begin sê: "Die Johan-
nes wat ek onthoof het, dié
is opgewek."[h] **17** Want Hero-
des self het gestuur en Johan-
nes gearresteer en hom in die
gevangenis geboei weens He-
ro′dias, die vrou van sy broer
Filippus, omdat hy met haar
getrou het.[i] **18** Want Johan-
nes het herhaaldelik vir Hero-
des gesê: "Dit is u nie geoorloof
om u broer se vrou te hê nie."[j]
**19** Maar Hero′dias het 'n wrok
teen hom gekoester[k] en wou
hom doodmaak, maar kon nie.[l]
**20** Want Herodes het Johan-
nes gevrees,[m] omdat hy geweet
het dat hy 'n regverdige en hei-
lige man is;[n] en hy het hom be-
skerm. En nadat hy hom aan-
gehoor het,[o] het hy glad nie
geweet wat om te doen nie; tog
het hy hom steeds met genoeë
aangehoor.

**21** Maar 'n geskikte dag[p]
het gekom toe Herodes op sy
verjaarsdag[q] vir sy hoogge-
plaaste manne en die militê-
re bevelvoerders en die hoëlui
van Galile′a 'n aandmaal ge-
gee het. **22** En die dogter
van dieselfde Hero′dias het in-
gekom en gedans en Herodes
en dié wat saam met hom aan
tafel was,[a] behaag. Die koning
het vir die meisie gesê: "Vra
my net wat jy wil hê, en ek sal
dit vir jou gee." **23** Ja, hy het
vir haar gesweer: "Net wat jy
my vra, sal ek vir jou gee,[b] tot
die helfte van my koninkryk."[c]
**24** En sy het uitgegaan en vir
haar moeder gesê: "Wat moet
ek vra?" Sy het gesê: "Die
kop van Johannes, die doper."[d]
**25** Onmiddellik het sy haas-
tig na die koning toe ingegaan
en haar versoek gedoen en ge-
sê: "Ek wil hê u moet dadelik
vir my die kop van Johannes
die Doper op 'n skottel gee."
**26** Hoewel die koning diep be-
droef geword het, wou hy haar,
weens die ede en dié wat aan
tafel was, dit nogtans nie wei-
er nie.[e] **27** Toe het die ko-
ning onmiddellik 'n lyfwag ge-
stuur en hom beveel om sy kop
te bring. En hy het weggegaan
en hom in die gevangenis ont-
hoof[f] **28** en sy kop op 'n skot-
tel gebring, en hy het dit vir
die meisie gegee, en die meisie
het dit vir haar moeder gegee.[g]
**29** Toe sy dissipels daarvan
hoor, het hulle gekom en sy
lyk weggeneem en dit in 'n ge-
denkgraf neergelê.[h]

**30** En die apostels het voor
Jesus bymekaargekom en vir
hom alles vertel wat hulle ge-
doen en die mense geleer het.[i]
**31** En hy het vir hulle gesê:
"Kom julle alleen na 'n een-
same plek[j] en rus 'n bietjie."[k]
Want daar was baie wat ge-
kom en gegaan het, en hulle
het nie eens vrye tyd gehad
om te eet nie.[l] **32** Toe het
hulle in die boot na 'n een-
same plek vertrek om alleen
te wees.[m] **33** Maar mense het
hulle sien gaan en baie het dit
te wete gekom, en hulle het uit
al die stede te voet daarheen

**HFST. 6**
a Han 2:38; Han 3:19
b Lu 10:17
c Jak 5:14
d Lu 9:6
e Mt 14:1; Lu 9:7
f Mr 8:28
g Mt 16:14; Lu 9:8
h Lu 9:9
i Mt 14:3; Lu 3:19
j Le 18:16; Le 20:21; Mt 14:4; Heb 13:4
k Le 19:18
l Ps 37:32; Mt 14:5
m Mt 21:26
n Mt 11:11
o Han 24:24
p Mt 14:6
q Ge 40:20

**Tweede kol.**
a Mr 2:15
b Est 5:6; Est 7:2
c Le 5:4; Mt 14:7
d Spr 12:10; Mt 14:10
e Mt 14:9
f Mt 14:10
g Mt 14:11
h Mt 14:12; Han 8:2
i Lu 9:10
j Mt 14:13
k Mt 11:29
l Mr 3:20
m Joh 6:1

saamgestroom en voor hulle
daar gekom.[a] **34** Wel, toe hy
uitklim, het hy 'n groot ska-
re gesien, maar hy is ontroer
deur innige jammerte[b] vir hul-
le, want hulle was soos skape
sonder 'n herder.[c] En hy het
hulle baie dinge begin leer.[d]

**35** Dit het toe al laat geword,
en sy dissipels het na hom toe
gekom en begin sê: "Die plek
is afgeleë en dit is reeds laat.[e]
**36** Stuur hulle weg, sodat hulle
in die buitedistrikte en dorpies
in die omtrek kan ingaan en vir
hulle iets kan koop om te eet."[f]
**37** Hy het geantwoord en vir
hulle gesê: "Gee julle vir hulle
iets om te eet." Hierop het hulle
vir hom gesê: "Moet ons brood
vir tweehonderd dena'rii gaan
koop en vir die mense gee om
te eet?"[g] **38** Hy het vir hulle
gesê: "Hoeveel brode het julle?
Gaan kyk!" Nadat hulle dit vas-
gestel het, het hulle gesê: "Vyf,
en ook twee visse."[h] **39** En hy
het al die mense opdrag gegee
om in groepe[i] op die groen gras
te gaan sit.[j] **40** En hulle het
in groepe van honderd en van
vyftig gaan sit.[k] **41** Toe het
hy die vyf brode en die twee
visse geneem, na die hemel op-
gekyk en 'n seën gevra,[l] en hy
het die brode gebreek[m] en dit
vir die dissipels begin gee, so-
dat hulle dit aan die mense kon
voorsit; en hy het die twee visse
onder almal verdeel. **42** Toe
het hulle almal geëet en versa-
dig geword;[n] **43** en hulle het
die brokstukke opgetel, twaalf
mandjies vol, benewens die vis-
se. **44** En dié wat van die bro-
de geëet het, was vyfduisend
manne.[o]

**45** En hy het sy dissipels da-
delik gedwing om in die boot
te klim en vooruit te gaan na
die oorkantste oewer, in die
rigting van Betsai'da, terwyl
hy die skare weggestuur het.[a]
**46** Maar nadat hy van hulle af-
skeid geneem het, het hy weg-
gegaan na 'n berg om te bid.[b]
**47** En toe dit aand geword het,
was die boot in die middel van
die see, maar hy was alleen op
die land.[c] **48** En toe hy sien
dat hulle swaar[d] roei, want die
wind was teen hulle, het hy om-
streeks die vierde nagwaak op
die see na hulle toe aangeloop
gekom; maar hy wou by hulle
verbygaan. **49** Toe hulle hom
op die see sien loop, het hulle
gedink: "Dit is 'n verskyning!"
en hulle het hard uitgeroep.[e]
**50** Want hulle almal het hom
gesien en was verontrus. Maar
hy het onmiddellik met hulle
gepraat, en hy het vir hulle ge-
sê: "Skep moed, dit is ek; moe-
nie vrees nie."[f] **51** En hy het
by hulle in die boot geklim,
en die wind het gaan lê. Hulle
was hieroor baie verbaas by hul-
leself,[g] **52** want hulle het nie
die betekenis van die brode be-
gryp nie, maar hulle hart het
stomp van begrip gebly.[h]

**53** En toe hulle aan die oor-
kant land bereik, het hulle
in Genne'saret gekom en daar
naby vasgeanker.[i] **54** Maar
die oomblik toe hulle uit die
boot klim, het mense hom her-
ken, **55** en hulle het in daar-
die hele streek rondgehardloop
en die siekes op draagbeddens
begin dra na waar hulle gehoor
het hy is. **56** En oral waar hy
in dorpies of stede of buitedis-
trikte ingegaan het,[j] het hul-
le die siekes op die markpleine
neergesit, en hulle het hom ge-
smeek dat hulle maar net aan
die fraiings[k] van sy bokleed
mag raak.[l] En almal wat daar-
aan geraak het, het gesond ge-
word.[m]

**HFST. 6**
a Lu 9:11; Joh 6:2
b Mi 6:8; Mt 9:36; Mt 14:14; Heb 4:15
c 1Kn 22:17; Jes 53:6; Ese 34:5; Mt 9:36
d Jes 61:1; Lu 9:11
e Mt 14:15; Lu 9:12
f Joh 6:5
g Nu 11:13; 2Kn 4:43; Mt 15:33; Joh 6:7
h Mt 14:17; Lu 9:13; Joh 6:9
i Mt 15:35; 1Ko 14:40
j Mt 14:19; Joh 6:10
k Lu 9:14
l 1Sa 9:13; Lu 24:30; 1Ti 4:4
m Mt 26:26; Mr 8:6; Han 27:35
n Mt 14:20; Lu 9:17; Joh 6:12
o Mt 14:21; Joh 6:13

**Tweede kol.**
a Mt 14:22; Joh 6:14
b Mt 6:6; Mt 14:23; Mr 1:35; Lu 6:12
c Mt 14:24; Joh 6:16
d Joh 6:19
e Lu 24:37; Joh 6:19
f Mt 14:27; Joh 6:20
g Mt 14:32; Joh 6:21
h Mt 16:9; Mr 3:5; Mr 8:17
i Mt 14:34
j Mt 14:35
k Nu 15:38
l Mt 9:20; Mr 5:27; Lu 8:44; Han 19:12
m Mt 14:36

**7** En die Fariseërs en party
van die skrifgeleerdes wat
van Jerusalem af gekom het,
het rondom hom bymekaarge-
kom.[a] **2** En toe hulle party
van sy dissipels met veront-
reinigde hande, dit wil sê on-
gewastes,[b] sien eet— **3** want
die Fariseërs en al die Jode eet
nie tensy hulle hulle hande tot
by die elmboog gewas het nie,
aangesien hulle vashou aan die
oorlewering van die manne van
vroeër tye, **4** en wanneer hul-
le van die mark af terugkom,
eet hulle nie tensy hulle hul-
le deur besprinkeling gereinig
het nie; en daar is baie ander
oorleweringe[c] wat hulle ont-
vang het om aan vas te hou:
die doop van bekers en kanne
en koperhouers;[d]— **5** toe het
hierdie Fariseërs en skrifge-
leerdes hom gevra: “Waarom
wandel jou dissipels nie volgens
die oorlewering van die man-
ne van vroeër tye nie, maar eet
hulle met verontreinigde han-
de?”[e] **6** Hy het vir hulle ge-
sê: “Jesaja het gepas oor jul-
le, huigelaars, geprofeteer, soos
daar geskrywe staan:[f] ‘Hierdie
volk eer my met hulle lippe,
maar hulle hart is ver van my
verwyderd.[g] **7** Tevergeefs bly
hulle my aanbid, want hulle leer
gebooie van mense as leerstel-
lings.’[h] **8** Julle laat vaar die
gebod van God en hou vas aan
die oorlewering van mense.”[i]

**9** En hy het verder vir hul-
le gesê: “Julle skuif die ge-
bod van God behendig opsy[j]
om julle oorlewering te behou.
**10** Moses het byvoorbeeld gesê:
‘Eer jou vader en jou moeder’,[k]
en: ‘Hy wat vader of moeder
uitskel, moet sterf.’[l] **11** Maar
julle sê: ‘As ’n mens vir sy va-
der of sy moeder sê: “Enigiets
wat ek het waardeur u voor-
deel van my kan ontvang, is
korban[a] (dit wil sê ’n gawe wat
aan God gewy is[b])” ’— **12** dan
laat julle hom hoegenaamd niks
meer vir sy vader of sy moeder
doen nie,[c] **13** en so maak julle
die woord van God[d] kragteloos
deur julle oorlewering wat julle
oorgedra het. En julle doen tal-
le soortgelyke dinge.”[e] **14** Toe
het hy die skare weer na hom
toe geroep en vir hulle begin sê:
“Luister almal na my, en ver-
staan die betekenis.[f] **15** Daar
is niks wat van buite af in ’n
mens ingaan wat hom kan ver-
ontreinig nie; maar die dinge
wat uit ’n mens uitgaan, is die
dinge wat ’n mens verontrei-
nig.”[g] **16** ——

**17** En toe hy in ’n huis in-
gegaan het, weg van die ska-
re af, het sy dissipels hom oor
die illustrasie begin uitvra.[h]
**18** Toe het hy vir hulle gesê:
“Is julle ook sonder begrip soos
hulle?[i] Besef julle nie dat niks
wat van buite af in ’n mens in-
gaan, hom kan verontreinig
nie, **19** aangesien dit nie in
sy hart nie, maar in sy inge-
wande ingaan en in die riool uit-
gaan?”[j] So het hy alle voedsel
rein verklaar.[k] **20** Verder het
hy gesê: “Wat uit ’n mens uit-
gaan, dít verontreinig ’n mens;[l]
**21** want van binne af, uit die
hart van die mens,[m] kom skade-
like redenasies: hoererye,[n] dief-
stalle, moorde,[o] **22** egbreuk,
hebsugtige begeertes,[p] goddelo-
se dade, bedrog, losbandige ge-
drag,[q] ’n afgunstige oog, laste-
ring, hoogmoed, onredelikheid.
**23** Al hierdie goddelose dinge
kom van binne af en verontrei-
nig ’n mens.”[r]

**24** Hy het opgestaan en
daarvandaan na die streke van
Tirus en Sidon[s] gegaan. En
hy het in ’n huis ingegaan en

**HFST. 7**
a Mt 15:1
b Lu 11:38
c Mt 15:6
d Mt 23:25; Lu 11:39
e Mt 15:2
f Mt 15:7
g Ese 33:31; Mt 15:8
h Jes 29:13; Mt 15:9; Kol 2:8
i Mt 15:3; Ga 1:14; Tit 1:14
j Jes 24:5
k Eks 20:12; De 5:16; Mt 15:4; Ef 6:2
l Eks 21:17; Le 20:9; Spr 20:20

**Tweede kol.**
a Mt 15:5; Mt 23:18
b Le 1:2; Le 2:1
c 1Ti 5:8
d Mt 15:6
e Mr 7:3
f Spr 8:5; Mt 15:10
g Mt 15:11; Han 10:14; 1Ko 8:8; 1Ti 4:4; Tit 1:15
h Mt 15:15; Lu 8:9
i Mt 15:16
j Mt 15:17
k Lu 11:41; Han 10:15
l Mt 15:18
m Ge 6:5; Ge 8:21; Ps 14:1; Jer 17:9
n Ga 5:19
o Mt 15:19
p Tit 3:3
q Ga 5:19; Ef 4:19
r Mt 15:20; Ro 1:28
s Mt 11:21; Mt 15:21

wou nie hê dat enigeen dit
te wete moet kom nie. Tog kon
hy nie onopgemerk bly nie;[a]
**25** maar 'n vrou wie se dogter-
tjie 'n onrein gees gehad het,
het onmiddellik van hom ge-
hoor en gekom en haar voor
sy voete neergewerp.[b] **26** Die
vrou was 'n Griek, van Siro-
Fenisiese nasionaliteit; en sy
het hom bly vra om die demoon
uit haar dogter uit te dryf.[c]
**27** Maar hy het begin deur vir
haar te sê: "Laat die kinders
eers versadig word, want dit is
nie reg om die kinders se brood[d]
te neem en dit vir die hondjies
te gooi nie."[e] **28** Sy het eg-
ter geantwoord en vir hom ge-
sê: "Ja, meneer, en tog eet die
hondjies onder die tafel van
die kindertjies[f] se krummels."[g]
**29** Daarop het hy vir haar ge-
sê: "Omdat jy dít gesê het, gaan;
die demoon het uit jou dog-
ter uitgegaan."[h] **30** Toe het
sy weggegaan na haar huis en
gevind[i] dat die jong kind op die
bed neergelê is en dat die de-
moon uitgegaan het.

**31** En toe hy uit die stre-
ke van Tirus terugkom, het hy
deur Sidon na die see van Gali-
le'a gegaan, deur die streke van
die Deka'polis.[j] **32** Hier het
hulle 'n man wat doof was en
'n spraakgebrek gehad het, na
hom toe gebring, en hulle het
hom gesoebat om sy hand op
hom te lê.[k] **33** En hy het hom
eenkant toe geneem, weg van
die skare af, en sy vingers in
die man se ore gesteek, en na-
dat hy gespoeg het, het hy sy
tong aangeraak.[l] **34** En ter-
wyl hy na die hemel opgekyk
het,[m] het hy diep gesug[n] en
vir hom gesê: *"Ef'fata",* dit
is: "Word geopen." **35** Wel, sy
ore is geopen[o] en die belem-
mering van sy tong is losge-
maak, en hy het normaal begin
praat. **36** Daarop het hy hulle
beveel om vir niemand te ver-
tel nie;[a] maar hoe meer hy hul-
le beveel het, hoe meer het hul-
le dit verkondig.[b] **37** Ja, hulle
was uitermate verstom[c] en het
gesê: "Hy het alles goed gedoen.
Hy laat selfs die dowes hoor en
die stommes praat."[d]

**8** Toe daar in dié dae weer
'n groot skare was en hul-
le niks gehad het om te eet
nie, het hy die dissipels na hom
toe geroep en vir hulle gesê:[e]
**2** "Ek voel innig jammer[f] vir
die skare, want dit is al drie dae
dat hulle by my bly, en hulle het
niks om te eet nie; **3** en as ek
hulle na hulle huise wegstuur
sonder dat hulle geëet het, sal
hulle op die pad beswyk. Want
party van hulle kom van ver af."
**4** Maar sy dissipels het hom
geantwoord: "Waarvandaan sal
iemand hierdie mense hier op 'n
afgeleë plek met brode kan ver-
sadig?"[g] **5** Maar hy het hulle
gevra: "Hoeveel brode het jul-
le?" Hulle het gesê: "Sewe."[h]
**6** En hy het die skare opdrag
gegee om op die grond te gaan
sit, en hy het die sewe brode ge-
neem, gedank,[i] dit gebreek en
dit vir sy dissipels begin gee om
uit te deel, en hulle het dit aan
die skare uitgedeel.[j] **7** Hulle
het ook 'n paar vissies gehad;
en nadat hy dit geseën het, het
hy vir hulle gesê om dit ook
uit te deel.[k] **8** En hulle het
geëet en versadig geword, en
hulle het die oorblywende
brokstukke opgetel, sewe voor-
raadmandjies vol.[l] **9** Tog was
daar omtrent vierduisend man-
ne. Uiteindelik het hy hulle
weggestuur.[m]

**10** En onmiddellik het hy
saam met sy dissipels in die
boot geklim en in die streke van

**HFST. 7**
a Mr 2:1
b Mt 15:22
c Mt 15:22
d Mt 15:24
e Mt 7:6; Mt 10:5; Mt 15:26; Ro 9:4; Ef 2:12
f Mt 15:27
g Lu 16:21
h Mt 15:28
i Joh 4:51
j Mt 15:29; Mr 5:20
k Mt 9:32; Lu 11:14; Han 9:12
l Mr 8:23; Joh 9:6
m Mr 6:41; Joh 17:1
n Joh 11:33; Joh 11:38
o Jes 35:5; Mt 11:5; Mt 15:30

**Tweede kol.**
a Jes 42:2; Mt 8:4; Mr 5:43
b Mr 1:45
c Han 14:11
d Jes 35:5; Mt 15:31

**HFST. 8**
e Mt 15:32
f Heb 2:17; Heb 4:15; Heb 5:2
g Nu 11:21; 2Kn 7:2; Mt 15:33; Mr 6:52
h Mt 15:34; Mr 6:38
i De 8:10; Lu 22:19; 1Ti 4:4
j Mt 15:36; Mr 6:41
k Mt 14:19
l Mt 15:37
m Mt 15:38

Dalmanu′ta[a] gekom. **11** Hier
het die Fariseërs uitgekom en
met hom begin redeneer, en
hulle wou ’n teken uit die he-
mel van hom hê om hom op
die proef te stel.[b] **12** Toe het
hy diep in sy gees gesug[c] en
gesê: “Waarom wil hierdie ge-
slag ’n teken hê? Voorwaar,
ek sê: Geen teken sal aan hier-
die geslag gegee word nie.”[d]
**13** Daarop het hy hulle verlaat,
weer in die boot geklim en na
die oorkantste oewer gegaan.

**14** En hulle het vergeet om
brode saam te neem, en hul-
le het niks behalwe een brood
by hulle in die boot gehad nie.[e]
**15** En hy het begin om hul-
le uitdruklik te beveel en te sê:
“Hou julle oë oop, pas op vir
die suurdeeg van die Fariseërs
en die suurdeeg van Herodes.”[f]
**16** Toe het hulle met mekaar
begin argumenteer omdat hul-
le geen brode het nie.[g] **17** Hy
het dit gemerk en vir hulle ge-
sê: “Waarom argumenteer jul-
le daaroor dat julle geen brode
het nie?[h] Begryp julle nog nie
en verstaan julle nog nie die be-
tekenis nie? Is julle hart stomp
van begrip?[i] **18** ‘Hoewel julle
oë het, sien julle dan nie; en
hoewel julle ore het, hoor julle
dan nie?’[j] En onthou julle nie,
**19** toe ek die vyf brode[k] vir die
vyfduisend manne gebreek het,
hoeveel mandjies vol brokstuk-
ke julle opgetel het nie?” Hul-
le het vir hom gesê: “Twaalf.”[l]
**20** “Hoeveel voorraadmandjies
vol brokstukke het julle opgetel
toe ek die sewe vir die vierdui-
send manne gebreek het?” En
hulle het vir hom gesê: “Sewe.”[m]
**21** Daarop het hy vir hulle gesê:
“Verstaan julle nog nie die bete-
kenis nie?”[n]

**22** En hulle het by Betsai′da
aangedoen. Hier het mense ’n
blinde man na hom toe gebring,
en hulle het hom gesoebat om
hom aan te raak.[a] **23** En hy
het die blinde man by die hand
geneem, hom tot buite die dor-
pie gebring en, nadat hy op sy
oë gespoeg het,[b] hom die hande
opgelê en hom begin vra: “Sien
jy iets?” **24** En die man het
opgekyk en begin sê: “Ek sien
mense, want ek bemerk iets
wat soos bome lyk, maar hul-
le loop rond.” **25** Daarna het
hy weer sy hande op die man se
oë gelê, en die man het goed ge-
sien, en hy is herstel en het al-
les helder gesien. **26** Toe het
hy hom huis toe gestuur en ge-
sê: “Maar moenie in die dorpie
ingaan nie.”[c]

**27** Jesus en sy dissipels het
toe na die dorpies van Sesare′a-
Filip′pi vertrek, en op pad het
hy sy dissipels begin uitvra
en vir hulle gesê: “Wie sê die
mense is ek?”[d] **28** Hulle het
vir hom gesê: “Johannes die
Doper,[e] en ander: Eli′a,[f] nog
ander: Een van die profete.”[g]
**29** En hy het hulle gevra:
“Maar julle, wie sê julle is ek?”
Petrus het geantwoord en vir
hom gesê: “U is die Christus.”[h]
**30** Daarop het hy hulle streng
gelas om vir niemand van hom
te vertel nie.[i] **31** Ook het hy
hulle begin leer dat die Seun
van die mens baie lyding moet
ondergaan en verwerp moet
word deur die ouer manne
en die hoofpriesters en die
skrifgeleerdes en doodgemaak[j]
moet word en drie dae later
moet opstaan.[k] **32** Ja, hy het
dié woord ronduit gespreek.
Maar Petrus het hom opsy ge-
neem en hom begin bestraf.[l]
**33** Hy het omgedraai, na sy
dissipels gekyk en Petrus be-
straf en gesê: “Gaan agter my,
Satan, want jy dink nie God

**HFST. 8**
a Mt 15:39
b Mt 12:38; Mt 16:1; Joh 6:30
c Mr 7:34
d Mt 16:4
e Mt 16:5
f Mt 16:6; Lu 12:1; 1Ko 5:7; Ga 5:9
g Mt 16:7
h Joh 4:33
i Jes 29:24; Mt 16:8; Mr 6:52
j Jes 44:18; Jer 5:21; Ese 12:2; Mt 13:13
k Mr 6:38
l Mt 14:20; Mr 6:43; Lu 9:17; Joh 6:13
m Mt 15:37
n Mt 16:11; Mr 6:52

**Tweede kol.**
a Mr 6:56
b Mr 7:33; Joh 9:6
c Mt 8:4; Mr 5:43
d Mt 16:13; Lu 9:18
e Mt 14:2; Mr 6:14
f Mr 9:11
g Mt 16:14; Lu 9:19
h Mt 16:16; Lu 9:20; Joh 1:41; Joh 6:69; 1Jo 4:15
i Mt 16:20; Mr 9:9; Lu 9:21
j Mt 26:2
k Mt 16:21; Mt 17:23; Lu 9:22
l Mt 16:22

se gedagtes nie, maar dié van
mense."[a]
**34** En hy het die skare saam
met sy dissipels na hom toe
geroep en vir hulle gesê: "As
iemand agter my aan wil kom,
laat hy homself verloën en sy
folterpaal opneem en my voort-
durend volg.[b] **35** Want elkeen
wat sy siel wil red, sal dit ver-
loor; maar elkeen wat sy siel ter
wille van my en die goeie nuus
verloor, sal dit red.[c] **36** Van
watter nut is dit tog vir 'n mens
om die hele wêreld te wen en
om sy siel in te boet?[d] **37** Wat
sal 'n mens tog in ruil vir sy
siel gee?[e] **38** Want elkeen wat
hom in hierdie owerspelige en
sondige geslag vir my en my
woorde skaam, vir hom sal die
Seun van die mens hom ook
skaam[f] wanneer hy in die heer-
likheid van sy Vader met die
heilige engele kom."[g]

**9** Verder het hy vir hulle ge-
sê: "Voorwaar, ek sê vir jul-
le: Party van dié wat hier staan,
sal glad nie die dood smaak
voordat hulle eers die konink-
ryk van God, reeds in krag ge-
kom, gesien het nie."[h] **2** En
ses dae later het Jesus vir Pe-
trus en Jakobus en Johannes
saamgeneem en hulle teen 'n
hoë berg opgeneem, waar hulle
alleen was. En hy het voor hulle
van gedaante verander,[i] **3** en
sy boklere het glinsterend ge-
word, baie witter as wat enige
klerereiniger op aarde dit kon
maak.[j] **4** Ook het Eli'a saam
met Moses aan hulle verskyn,
en hulle was in gesprek met Je-
sus.[k] **5** En Petrus het in reak-
sie hierop vir Jesus gesê: "Rab-
bi, dit is goed dat ons hier is;
laat ons dan drie tente oprig:
een vir u en een vir Moses en
een vir Eli'a."[l] **6** Hy het in
werklikheid nie geweet wat om
te sê nie, want hulle het baie
bevrees geword. **7** En 'n wolk
het gevorm wat hulle oorska-
du het, en 'n stem[a] het uit die
wolk gekom: "Dit is my Seun,[b]
die geliefde; luister na hom."[c]
**8** Maar hulle het meteens rond-
gekyk en niemand meer by hul-
le gesien nie, behalwe Jesus al-
leen.[d]

**9** Terwyl hulle van die berg
afgekom het, het hy hulle uit-
druklik beveel om vir niemand
te vertel[e] wat hulle gesien het
voordat die Seun van die mens
uit die dode opgestaan het nie.[f]
**10** En hulle het die woord ter
harte geneem, maar het on-
der mekaar bespreek wat hier-
die opstanding uit die dode be-
teken. **11** En hulle het hom
begin uitvra en gesê: "Waarom
sê die skrifgeleerdes dat Eli'a[g]
eers moet kom?"[h] **12** Hy het
vir hulle gesê: "Eli'a kom inder-
daad eers en herstel alles;[i] maar
hoe is dit dat daar van die Seun
van die mens geskrywe staan
dat hy baie lyding moet onder-
gaan[j] en behandel moet word
asof hy van geen belang is nie?[k]
**13** Maar ek sê vir julle: Eli'a[l]
het in werklikheid al gekom, en
hulle het aan hom gedoen al-
les wat hulle wou, net soos daar
van hom geskrywe staan."[m]

**14** En toe hulle na die an-
der dissipels toe aankom, het
hulle 'n groot skare om hul-
le opgemerk, en skrifgeleerdes
wat met hulle redeneer.[n]
**15** Maar die oomblik toe die
hele skare hom sien, was hul-
le verstom, en hulle het na
hom toe gehardloop en hom be-
gin groet. **16** En hy het hulle
gevra: "Waaroor redeneer jul-
le met hulle?" **17** En een uit
die skare het hom geantwoord:
"Leermeester, ek het my seun
na u toe gebring, want hy het

**HFST. 8**
a Mt 16:23, Ro 8:7, 1Ko 2:14
b Mt 10:38, Mt 16:24, Lu 9:23, Lu 14:27, Ga 5:24
c Mt 10:39, Mt 16:25, Lu 9:24, Joh 12:25, Op 12:11
d Mt 16:26, Lu 9:25
e Ps 49:8
f Mt 10:33, Mt 16:27, Lu 9:26, Lu 12:9, Ro 1:16, 2Ti 1:8
g Mt 25:31, 2Te 1:7

**HFST. 9**
h Mt 16:28, Lu 9:27, 1Ko 4:20
i Mt 17:1, Lu 9:28
j Da 7:9, Mt 17:2, Mt 28:3, Lu 9:29
k Mt 17:3, Lu 9:30
l Mt 17:4, Lu 9:33

**Tweede kol.**
a Lu 3:22, Joh 12:28
b Ps 2:7, Jes 42:1, Mt 3:17
c De 18:15, Mt 17:5, Lu 9:35, Han 3:22, 2Pe 1:17
d Mt 17:8, Lu 9:36
e Mt 12:16, Mr 8:30
f Mt 17:9, Lu 9:36
g Mal 4:5, Mr 8:28
h Mt 17:10
i Mt 17:11
j Ge 3:15, Ps 22:6, Jes 50:6, Jes 53:3, Da 9:26
k Lu 23:11, Flp 2:7
l Mt 11:14, Lu 1:17
m Mt 17:12
n Lu 9:37

'n stom gees;[a] **18** en waar hy
hom ook al gryp, gooi hy hom
op die grond neer, en hy skuim
in die mond en kners op sy
tande en verloor sy krag. En
ek het vir u dissipels gesê om
hom uit te dryf, maar hulle kon
nie."[b] **19** Hy het geantwoord
en vir hulle gesê: "O ongelowi-
ge geslag,[c] hoe lank moet ek
by julle bly? Hoe lank moet ek
julle verdra? Bring hom na my
toe."[d] **20** En hulle het hom na
hom toe gebring. Maar toe die
gees hom sien, het hy die kind
dadelik stuiptrekkings laat kry,
en nadat hy op die grond neer-
geval het, het hy skuimend bly
rondrol.[e] **21** En hy het sy va-
der gevra: "Hoe lank gebeur dit
al met hom?" Hy het gesê: "Van
kleins af; **22** en hy het hom
keer op keer in die vuur sowel
as in die water gegooi om hom
dood te maak.[f] Maar as u enig-
iets kan doen, ontferm u dan
oor ons en help ons." **23** Je-
sus het vir hom gesê: "Dié uit-
drukking: 'As u kan'! Alles is
immers vir 'n mens moontlik as
jy geloof het."[g] **24** Onmiddel-
lik het die vader van die jong
kind uitgeroep en gesê: "Ek het
geloof! Help my waar ek geloof
kortkom!"[h]

**25** Toe Jesus opmerk dat 'n
skare op hulle toestroom, het
hy die onrein gees bestraf[i] en
vir hom gesê: "Jou stom en
dowe gees, ek beveel jou, gaan
uit hom uit en vaar nie weer in
hom in nie." **26** En nadat hy
geskreeu het, het hy ná baie
stuiptrekkings uitgegaan;[j] en
die kind het soos 'n dooie ge-
word, sodat die meeste van
hulle gesê het: "Hy is dood!"
**27** Maar Jesus het hom by die
hand geneem en hom opgehelp,
en hy het opgestaan.[k] **28** En
nadat hy in 'n huis ingegaan
het, het sy dissipels hom begin
vra toe hulle alleen was: "Waar-
om kon ons hom nie uitdryf
nie?"[a] **29** En hy het vir hul-
le gesê: "Hierdie soort kan deur
niks anders uitgaan as deur ge-
bed nie."[b]

**30** Hulle het daarvandaan
vertrek en deur Galile'a ge-
gaan, maar hy wou nie hê dat
enigeen dit te wete moet kom
nie. **31** Want hy het sy dissi-
pels geleer en vir hulle gesê:
"Die Seun van die mens gaan
in die hande van die mense
oorgelewer word, en hulle sal
hom doodmaak,[c] maar al word
hy doodgemaak, sal hy drie dae
later opstaan."[d] **32** Hulle het
egter nie die woorde verstaan
nie, en hulle was bang om hom
uit te vra.[e]

**33** En hulle het in Kaper'-
naum ingekom. En toe hy in die
huis was, het hy hulle gevra:
"Waaroor het julle op die pad
geargumenteer?"[f] **34** Hulle
het stilgebly, want hulle het op
die pad onder mekaar geargu-
menteer oor wie die grootste
is.[g] **35** Toe het hy gaan sit en
die twaalf geroep en vir hulle
gesê: "As iemand die eerste wil
wees, moet hy die laaste van al-
mal en almal se dienaar wees."[h]
**36** En hy het 'n jong kind ge-
neem, hom in hulle midde laat
staan en sy arms om hom ge-
sit en vir hulle gesê:[i] **37** "Elk-
een wat een van hierdie jong
kinders op grond van my naam
ontvang, ontvang my; en elk-
een wat my ontvang, ontvang
nie net vir my nie, maar ook vir
hom wat my uitgestuur het."[j]

**38** Johannes het vir hom ge-
sê: "Leermeester, ons het 'n se-
kere man gesien wat demone
uitdryf deur u naam te gebruik
en ons het hom probeer keer,[k]
omdat hy ons nie vergesel nie."[l]

**HFST. 9**
a Mt 17:14; Lu 9:38
b Mt 17:15; Lu 9:39
c De 32:20
d Mt 17:17; Lu 9:41
e Mr 1:26; Lu 9:42
f Mt 17:15
g 2Kr 20:20; Mt 17:20; Mr 11:23; Lu 17:6; Joh 11:40; Han 14:9
h Lu 17:5; Ef 2:8; Heb 12:2
i Mt 17:18; Mr 1:25; Lu 4:35; Han 10:38
j Mr 1:26
k Lu 9:42

**Tweede kol.**
a Mt 17:19
b Mt 17:20
c Mt 17:22; Mt 26:2
d Mt 16:21; Mt 17:23; Mr 8:31; Lu 9:44
e Lu 9:45; Joh 16:19
f Mt 18:1; Lu 9:46; Lu 22:24
g Spr 13:10
h Mt 18:1; Mt 20:28; Mr 10:43; Lu 9:46; Flp 2:8
i Mt 18:2; Mr 10:16; Lu 9:47; Lu 18:16
j Mt 10:40; Mt 18:3; Lu 9:48; Joh 13:20
k Nu 11:28; Han 19:13
l Lu 9:49

**39** Maar Jesus het gesê: “Moet
hom nie probeer keer nie, want
daar is niemand wat ’n krag-
tige werk in my naam sal doen
en gou van my sal kan kwaad-
spreek nie;[a] **40** want wie nie
teen ons is nie, is vir ons.[b]
**41** Want elkeen wat vir julle ’n
beker[c] water gee om te drink
omdat julle aan Christus be-
hoort,[d] ek sê voorwaar vir julle,
hy sal sy beloning hoegenaamd
nie verloor nie. **42** Maar elk-
een wat een van hierdie klein-
tjies wat glo, laat struikel, dit
sal vir hom beter wees as ’n
meulsteen, soos wat deur ’n esel
gedraai word, om sy nek ge-
hang en hy inderdaad in die see
gewerp word.[e]

**43** “En as jou hand jou ooit
laat struikel, kap dit af; dit is
vir jou beter om vermink die
lewe in te gaan as om met twee
hande in Gehen′na in te gaan,
in die vuur wat nie geblus kan
word nie.[f] **44** —— **45** En as
jou voet jou laat struikel, kap
dit af; dit is vir jou beter om
kreupel die lewe in te gaan[g] as
om met twee voete in Gehen′-
na[h] gewerp te word. **46** ——
**47** En as jou oog jou laat strui-
kel, gooi dit weg;[i] dit is vir jou
beter om met een oog in die ko-
ninkryk van God in te gaan as
om met twee oë in Gehen′na[j]
gewerp te word, **48** waar hul-
le wurm nie doodgaan en die
vuur nie geblus word nie.[k]

**49** “Want elkeen moet met
vuur gesout word.[l] **50** Sout is
goed; maar as die sout ooit sy
krag verloor, waarmee sal julle
dit smaaklik maak?[m] Julle moet
sout in julle hê[n] en vrede onder
mekaar bewaar.”[o]

**10** Hy het daarvandaan op-
gestaan en by die grens-
gebiede van Jude′a en oorkant
die Jordaan gekom, en ’n skare
het weer by hom bymekaarge-
kom, en soos hy gewoond was,
het hy hulle weer begin leer.[a]
**2** En Fariseërs het nader ge-
kom, en om hom op die proef
te stel, het hulle hom begin vra
of dit ’n man geoorloof is om
van sy vrou te skei.[b] **3** Hy het
geantwoord en vir hulle gesê:
“Wat het Moses julle beveel?”
**4** Hulle het gesê: “Moses het
toegelaat dat ’n ontslagbrief ge-
skryf en daar van haar geskei
word.”[c] **5** Maar Jesus het vir
hulle gesê: “Weens die hard-
heid van julle harte[d] het hy
hierdie gebod vir julle geskryf.
**6** Maar van die begin van die
skepping af ‘het Hy hulle man
en vrou gemaak.[e] **7** Daarom
sal ’n man sy vader en moe-
der verlaat, **8** en die twee sal
een vlees wees’;[f] sodat hulle
nie meer twee is nie, maar een
vlees. **9** Wat God dan onder
een juk saamgevoeg het, moet
geen mens skei nie.”[g] **10** Toe
hulle weer in die huis was,[h] het
die dissipels hom hieroor begin
uitvra. **11** En hy het vir hulle
gesê: “Elkeen wat van sy vrou
skei en met ’n ander trou, pleeg
egbreuk[i] teen haar, **12** en as
’n vrou, nadat sy van haar
man geskei het, ooit weer met
’n ander een trou, pleeg sy eg-
breuk.”[j]

**13** En mense het jong kin-
ders na hom toe begin bring so-
dat hy hulle sou aanraak; maar
die dissipels het hulle beris-
pe.[k] **14** Toe Jesus dit sien, was
hy verontwaardig en het hy vir
hulle gesê: “Laat die jong kin-
ders na my toe kom; moet hul-
le nie probeer keer nie, want
die koninkryk van God be-
hoort aan dié wat soos hulle is.[l]
**15** Voorwaar, ek sê vir julle:
Elkeen wat die koninkryk van
God nie soos ’n jong kind ont-

**HFST. 9**
a 1Ko 12:3
b Mt 12:30; Lu 9:50; Lu 11:23
c Mt 10:42; Mt 25:35
d Mt 25:40; Ro 8:9; 2Ko 10:7
e Mt 18:6; Lu 17:1
f Mt 5:30; Kol 3:5
g Mt 18:8
h Mt 10:28; Mt 23:33; Lu 12:5
i Mt 5:29; Mt 18:9; Ro 8:13; Ga 5:24
j Op 21:8
k Jes 66:24
l Lu 17:29
m Mt 5:13; Lu 14:34
n Spr 15:1; Spr 16:23; Kol 4:6
o Ro 12:18; Ef 4:29; 1Te 5:13; Heb 12:14

**Tweede kol.**

**HFST. 10**
a Mt 19:1; Joh 10:40
b Mal 2:16; Mt 19:3
c De 24:1; Mt 5:31; Mt 19:7
d De 9:6; Han 13:18
e Ge 1:27; Ge 5:2; Mt 19:4
f Ge 2:24; Ef 5:31
g Mt 19:6
h Mr 9:28
i Mt 5:32; Mt 19:9; Lu 16:18
j Ro 7:3; 1Ko 7:13
k Mt 19:13; Lu 18:15
l Mt 18:4; Mt 19:14; Lu 18:16; 1Pe 2:2

vang nie, sal hoegenaamd nie
daarin ingaan nie.”[a] **16** En hy
het die kinders in sy arms ge-
neem en hulle begin seën ter-
wyl hy hulle die hande opgelê
het.[b]
**17** En toe hy uitgaan om sy
reis voort te sit, het ’n sekere
man aangehardloop gekom en
voor hom op sy knieë geval en
hom gevra: “Goeie Leermees-
ter, wat moet ek doen om die
ewige lewe te beërf?”[c] **18** Je-
sus het vir hom gesê: “Waarom
noem jy my goed?[d] Nie-
mand is goed nie, behalwe een,
God.[e] **19** Jy ken die gebooie:
‘Moenie moord pleeg nie,[f] Moe-
nie egbreuk pleeg nie,[g] Moe-
nie steel nie,[h] Moenie valse
getuienis aflê nie,[i] Moet nie-
mand verkul nie,[j] Eer jou va-
der en moeder.’ ”[k] **20** Die man
het vir hom gesê: “Leermees-
ter, al hierdie dinge het ek van
my jeug af nagekom.” **21** Je-
sus het hom aangekyk en hom
liefgekry en vir hom gesê: “Een
ding kom jy kort: Gaan, ver-
koop wat jy het en gee vir die
armes, en jy sal ’n skat in die
hemel hê, en kom word my vol-
geling.”[l] **22** Maar hy het hart-
seer geword oor die woord en
bedroef weggegaan, want hy
het baie besittings gehad.[m]
**23** Nadat Jesus rondgekyk
het, het hy vir sy dissipels ge-
sê: “Hoe moeilik sal dit tog vir
dié met geld[n] wees om in die ko-
ninkryk van God in te gaan!”[o]
**24** Maar die dissipels was ver-
baas[p] oor sy woorde. Hierop
het Jesus weer vir hulle gesê:
“Kinders, hoe moeilik is dit tog
om in die koninkryk van God
in te gaan! **25** Dit is makliker
vir ’n kameel om deur die oog
van ’n naald te gaan as vir ’n
ryk man om in die koninkryk
van God in te gaan.”[q] **26** Hul-
le was nog meer verstom en het
vir hom gesê: “Wie kan dan ge-
red word?”[a] **27** Jesus het hul-
le reguit aangekyk en gesê: “By
mense is dit onmoontlik, maar
nie by God nie, want by God
is alles moontlik.”[b] **28** Petrus
het vir hom begin sê: “Kyk! Ons
het alles verlaat en u gevolg.”[c]
**29** Jesus het gesê: “Voorwaar,
ek sê vir julle: Niemand het
huis of broers of susters of moe-
der of vader of kinders of lande-
rye ter wille van my en ter wille
van die goeie nuus verlaat nie,[d]
**30** of hy sal nou in hierdie tyd
honderdvoudig[e] kry: huise en
broers en susters en moeders en
kinders en landerye, met ver-
volginge,[f] en in die komende
stelsel van dinge, die ewige le-
we. **31** Maar baie wat eerste
is, sal laaste wees, en die laas-
tes, eerste.”[g]
**32** En hulle het op die pad
na Jerusalem opgegaan, en Je-
sus het voor hulle uit gegaan,
en hulle was verbaas; maar dié
wat gevolg het, het bevrees ge-
word. Weer eens het hy die
twaalf opsy geneem en vir hul-
le die dinge begin vertel wat be-
stem was om oor hom te kom:[h]
**33** “Ons gaan nou op na Je-
rusalem, en die Seun van die
mens sal aan die hoofpriesters
en die skrifgeleerdes oorgele-
wer word, en hulle sal hom ter
dood veroordeel en hom aan
mense van die nasies oorlewer,[i]
**34** en hulle sal met hom die
spot dryf en sal op hom spoeg
en hom gesel en hom dood-
maak, maar drie dae later sal hy
opstaan.”[j]
**35** En Jakobus en Johannes,
die twee seuns van Sebede′us,[k]
het na hom toe gekom en vir
hom gesê: “Leermeester, ons
wil hê dat u vir ons moet doen
wat ons u ook al vra.”[l] **36** Hy

**HFST. 10**
a Mt 18:3; Lu 18:17
b Ge 48:14; Mr 9:36
c Mt 19:16; Lu 18:18
d Ps 86:5
e Mt 19:17; Lu 18:19
f Eks 20:13; De 5:17; Mt 5:21; 1Jo 3:15
g Eks 20:14; De 5:18
h Eks 20:15; De 5:19
i Eks 20:16; De 5:20
j Le 19:13
k Eks 20:12; De 5:16; Ef 6:2
l Mt 19:21
m Lu 18:23
n Job 31:24; Ps 17:14; Ps 52:7; Ps 62:10; Jer 9:23; 1Ti 6:17
o Mt 19:24; Lu 18:25
p Lu 4:32
q Mt 19:24; Lu 18:25

**Tweede kol.**
a Mt 19:25; Lu 18:26; 1Pe 4:18
b Ge 18:14; Job 42:2; Jer 32:17; Sag 8:6; Lu 18:27
c Mt 19:27; Lu 18:28
d Mt 10:37; Mt 19:29; Lu 18:29
e Lu 18:30
f Mt 5:11; Joh 16:22; Han 14:22
g Mt 19:30; Mt 20:16; Lu 13:30
h Mr 8:31; Mr 9:31; Lu 9:22; Lu 18:31
i Mt 20:18; Lu 18:31
j Mt 20:19; Lu 18:33; Han 10:40; 1Ko 15:4
k Mt 10:2
l Mt 20:20

het vir hulle gesê: “Wat wil jul-
le hê moet ek vir julle doen?”
**37** Hulle het vir hom gesê: “Gee
aan ons dat ons in u heerlik-
heid mag sit, een aan u reg-
ter- en een aan u linkerhand.”[a]
**38** Maar Jesus het vir hulle ge-
sê: “Julle weet nie wat julle vra
nie. Kan julle die beker drink
wat ek drink, of gedoop word
met die doop waarmee ek ge-
doop word?”[b] **39** Hulle het vir
hom gesê: “Ons kan.” Daarop
het Jesus vir hulle gesê: “Die
beker wat ek drink, sal julle
drink, en met die doop waar-
mee ek gedoop word, sal jul-
le gedoop word.[c] **40** Maar om
aan my regter- of aan my lin-
kerhand te sit, is nie myne om
te gee nie,[d] maar dit behoort
aan dié vir wie dit berei is.”

**41** Wel, toe die tien ander
daarvan hoor, het hulle veront-
waardig begin word teenoor Ja-
kobus en Johannes.[e] **42** Maar
nadat Jesus hulle na hom toe
geroep het, het hy vir hulle ge-
sê: “Julle weet dat dié wat skyn-
baar oor die nasies heers, oor
hulle baasspeel en dat hulle gro-
tes oor hulle gesag uitoefen.[f]
**43** Onder julle is dit nie so
nie; maar elkeen wat onder jul-
le groot wil word, moet julle
dienaar wees,[g] **44** en elkeen
wat onder julle die eerste wil
wees, moet almal se slaaf wees.[h]
**45** Want selfs die Seun van die
mens het gekom, nie om gedien
te word nie,[i] maar om te dien en
om sy siel te gee as ’n losprys[j] in
ruil vir baie.”[k]

**46** En hulle het in Je′rigo in-
gekom. Maar toe hy en sy dissi-
pels en ’n aansienlike skare uit
Je′rigo uitgaan, het Bartime′us
(die seun van Time′us), ’n blinde
bedelaar, langs die pad gesit.[l]
**47** Toe hy hoor dat dit Jesus die
Nasarener is, het hy begin uit-
roep en sê: “Seun van Dawid,[a]
Jesus, wees my barmhartig!”[b]
**48** Hierop het baie hom streng
begin aansê om stil te bly; maar
hy het des te meer uitgeroep:
“Seun van Dawid, wees my
barmhartig!”[c] **49** Toe het Je-
sus gaan staan en gesê: “ROEP
hom.” En hulle het die blinde
man geroep en vir hom gesê:
“Skep moed, staan op, hy roep
jou.”[d] **50** En hy het sy bo-
kleed afgegooi, opgespring en
na Jesus toe gegaan. **51** En
Jesus het hom geantwoord en
gesê: “Wat wil jy hê moet ek vir
jou doen?”[e] Die blinde man het
vir hom gesê: *“Rabboe′ni,* laat
my weer sien.”[f] **52** En Jesus
het vir hom gesê: “Gaan, jou ge-
loof het jou gesond gemaak.”[g]
En onmiddellik kon hy weer
sien,[h] en hy het hom op die pad
begin volg.[i]

**11** En toe hulle naby Jerusa-
lem kom, by Betfa′ge en
Beta′nië[j] aan die Olyfberg, het
hy twee van sy dissipels ge-
stuur[k] **2** en vir hulle gesê:
“Gaan in die dorpie in wat jul-
le voor julle sien, en sodra jul-
le dit binnegaan, sal julle ’n
hingsvul vind wat vasgemaak
is, waarop geen mens nog ge-
sit het nie; maak hom los en
bring hom hierheen.[l] **3** En as
iemand vir julle sê: ‘Waarom
doen julle dit?’ moet julle sê:
‘Die Here het hom nodig en
sal hom dadelik hierheen terug-
stuur.’ ”[m] **4** Toe het hulle weg-
gegaan en die hingsvul by die
deur, buite op die systraat, vas-
gemaak gevind, en hulle het
hom losgemaak.[n] **5** Maar par-
ty van dié wat daar gestaan het,
het vir hulle begin sê: “Wat doen
julle dat julle die hingsvul los-
maak?”[o] **6** Hulle het vir hulle
gesê net soos Jesus gesê het; en
hulle het hulle laat gaan.[p]

**HFST. 10**
a Mt 19:28, Mt 20:21
b Mt 20:22, Lu 12:50, Joh 18:11, Ro 6:3
c Mt 20:23, Han 12:2, Op 1:9
d Jak 4:3
e Mt 20:24
f Mt 20:25, Lu 22:25, 1Pe 5:3
g Mt 20:26, Mr 9:35, Lu 9:48
h Mt 20:27, Lu 22:26
i Joh 13:14, Flp 2:7
j Jes 53:10, Da 9:24, 2Ko 5:21, Ga 3:13, Tit 2:14
k Le 16:17, Mt 20:28
l Mt 20:29, Lu 18:35

**Tweede kol.**
a Jer 23:5, Mt 9:27, Mt 15:22, Ro 1:3
b Lu 18:38
c Mt 20:31, Lu 18:39
d Mt 20:32, Lu 18:40
e Mr 10:36
f Mt 20:33, Lu 18:41
g Mt 9:22, Lu 8:48
h Jes 35:5, Jes 42:7, Mr 8:25, Han 26:18
i Mt 20:34, Lu 18:43

**HFST. 11**
j Joh 11:18
k Mt 21:1, Lu 19:29
l Mt 21:2, Lu 19:30
m Mt 21:3, Lu 19:31, Joh 13:13
n Mt 21:6, Lu 19:32
o Lu 19:33
p Lu 19:34

**7** En hulle het die hingsvul[a]
na Jesus toe gebring, en hul-
le het hulle boklere daarop ge-
lê, en hy het daarop gaan sit.[b]
**8** Ook het baie hulle boklere[c]
op die pad uitgesprei, maar an-
der het takke[d] in die veld af-
gekap.[e] **9** En dié wat voor
gegaan het en dié wat agter-
aan gekom het, het bly uit-
roep: "Red tog![f] Geseënd is hy
wat in Jehovah se naam kom![g]
**10** Geseënd is die komende ko-
ninkryk van ons vader Dawid![h]
Red tog in die hoogtes daar bo!"
**11** En hy het Jerusalem inge-
gaan, in die tempel in; en hy het
na alles rondom hom gekyk, en
omdat dit reeds laat was, het hy
met die twaalf uitgegaan na Be-
ta′nië.[i]

**12** Nadat hulle die volgende
dag uit Beta′nië gekom het, het
hy honger geword.[j] **13** En hy
het van ver af 'n vyeboom ge-
sien wat blare het, en hy het
gaan kyk of hy miskien iets
daaraan sou vind. Maar toe hy
daarby kom, het hy niks behal-
we blare gevind nie, want dit
was nie vyetyd nie.[k] **14** In re-
aksie hierop het hy vir hom ge-
sê: "Laat niemand tot in ewig-
heid ooit weer vrugte van jou
eet nie."[l] En sy dissipels het dit
gehoor.

**15** En hulle het in Jerusa-
lem gekom. Daar het hy in die
tempel ingegaan en dié wat in
die tempel verkoop en koop, be-
gin uitdryf, en hy het die tafels
van die geldwisselaars en die
banke van die duiweverkopers
omgekeer;[m] **16** en hy het nie-
mand toegelaat om 'n voor-
werp deur die tempel te dra nie,
**17** maar hy het bly leer en sê:
"Staan daar nie geskrywe: 'My
huis sal 'n huis van gebed[n] ge-
noem word vir al die nasies'
nie?[o] Maar julle het dit 'n ro-
werspelonk gemaak."[a] **18** En
die hoofpriesters en die skrifge-
leerdes het dit gehoor, en hul-
le het 'n manier begin soek
om hom dood te maak;[b] want
hulle het hom gevrees, omdat
die hele skare voortdurend ver-
stom was oor sy leer.[c]

**19** En toe dit laat in die dag
geword het, het hulle uit die
stad uitgegaan. **20** Maar toe
hulle vroeg in die oggend ver-
bygaan, het hulle gesien dat die
vyeboom reeds van sy wortels
af verdor was.[d] **21** Toe het Pe-
trus, wat dit onthou het, vir
hom gesê: "Rabbi, kyk! die vye-
boom wat u vervloek het, het
verdor."[e] **22** En Jesus het ge-
antwoord en vir hulle gesê:
"Julle moet geloof in God hê.
**23** Voorwaar, ek sê vir julle dat
elkeen wat vir hierdie berg sê:
'Word opgelig en in die see ge-
gooi', en in sy hart nie twy-
fel nie, maar glo dat wat hy
sê, sal gebeur, vir hom sal dit
so wees.[f] **24** Daarom sê ek vir
julle: Glo dat julle alles waar-
om julle bid en vra so goed as
ontvang het, en julle sal dit hê.[g]
**25** En wanneer julle staan en
bid, vergewe[h] wat julle ook al
teen enigeen het; sodat julle Va-
der wat in die hemele is, julle
ook julle oortredings kan ver-
gewe."[i] **26** ——

**27** En hulle het weer in Jeru-
salem gekom. En terwyl hy
in die tempel geloop het, het
die hoofpriesters en die skrif-
geleerdes en die ouer manne
na hom toe gekom[j] **28** en vir
hom begin sê: "Deur watter ge-
sag doen jy hierdie dinge? Of
wie het jou hierdie gesag ge-
gee om hierdie dinge te doen?"[k]
**29** Jesus het vir hulle gesê: "Ek
sal julle een vraag vra. Ant-
woord julle my, en ek sal ook
vir julle sê deur watter gesag ek

**HFST. 11**
a 1Kn 1:33; Sag 9:9
b Mt 21:7; Joh 12:14
c 2Kn 9:13
d Joh 12:13
e Mt 21:8; Lu 19:36
f Ps 118:25; Mt 21:15
g Ps 118:26; Mt 21:9; Lu 19:38; Joh 12:13
h Sag 9:9; Lu 1:32; Han 2:29
i Mt 21:10
j Mt 21:18
k Mt 21:19
l Mr 11:20
m Mt 21:12; Lu 19:45; Joh 2:14
n 1Kn 8:43; Jes 56:7
o Jes 60:7; Sag 2:11

**Tweede kol.**
a Jer 7:11; Mt 21:13; Lu 19:46; Joh 2:16
b Mr 14:1; Lu 19:47; Lu 20:19
c Mt 21:46; Lu 19:48
d Mt 21:19
e Mr 11:14
f Mt 17:20; Mt 21:21; Lu 17:6; 1Ko 13:2
g Mt 7:7; Mt 18:19; Mt 21:22; Lu 11:9; Joh 14:13; Joh 15:7; Joh 16:24
h Mt 6:14; Ef 4:32; Kol 3:13
i Ps 103:12; Mt 6:12
j Mt 21:23; Lu 20:1
k Lu 20:2

hierdie dinge doen.[a] **30** Was
die doop[b] deur Johannes uit die
hemel of uit die mense? Ant-
woord my."[c] **31** Toe het hul-
le onder mekaar begin redeneer
en gesê: "As ons sê: 'Uit die he-
mel', sal hy sê: 'Waarom het jul-
le hom dan nie geglo nie?'[d]
**32** Maar durf ons sê: 'Uit die
mense'?"—Hulle het die skare
gevrees, want dié het almal ge-
meen dat Johannes werklik
'n profeet was.[e] **33** Wel, hul-
le het Jesus geantwoord en ge-
sê: "Ons weet nie." En Jesus het
vir hulle gesê: "Dan sê ek ook
nie vir julle deur watter gesag
ek hierdie dinge doen nie."[f]

**12** Ook het hy deur illus-
trasies met hulle begin
praat: "'n Man het 'n wingerd
geplant[g] en 'n heining daarom
gesit en 'n kuip vir die wyn-
pers gegrawe en 'n toring opge-
rig,[h] en hy het dit aan landbou-
ers verhuur[i] en na die buiteland
gereis.[j] **2** En op die regte tyd
het hy 'n slaaf na die landbou-
ers toe gestuur, sodat hy van
die wingerd se vrug van die
landbouers kon kry.[k] **3** Maar
hulle het hom geneem, hom
geslaan en hom met leë han-
de weggestuur.[l] **4** En weer
het hy 'n ander slaaf na hul-
le toe gestuur; en hom het
hulle oor die kop geslaan en
oneer aangedoen.[m] **5** En hy
het 'n ander een gestuur, en
hom het hulle doodgemaak;
en baie ander, van wie hulle
party geslaan en party dood-
gemaak het. **6** Nog één het
hy gehad, 'n geliefde seun.[n]
Hy het hom laaste na hulle
toe gestuur en gesê: 'Hulle sal
my seun respekteer.'[o] **7** Maar
daardie landbouers het onder
mekaar gesê: 'Dit is die erfge-
naam.[p] Kom, laat ons hom
doodmaak, en die erfenis sal
ons s'n wees.'[a] **8** Toe het hul-
le hom geneem en hom dood-
gemaak[b] en hom buite die win-
gerd uitgegooi.[c] **9** Wat sal die
eienaar van die wingerd doen?
Hy sal kom en die landbouers
doodmaak en die wingerd[d] vir
ander gee.[e] **10** Het julle nooit
hierdie Skrifgedeelte gelees
nie: 'Die steen[f] wat die bouers
verwerp het, dié het die hoof-
hoeksteen geword.[g] **11** Jeho-
vah het dit teweeggebring, en
dit is wonderlik in ons oë'?"[h]

**12** Daarop het hulle 'n ma-
nier begin soek om hom gevan-
ge te neem, maar hulle het die
skare gevrees, want hulle het
begryp dat hy die illustrasie
met hulle in gedagte vertel het.
En hulle het hom verlaat en
weggegaan.[i]

**13** Daarna het hulle sommi-
ge van die Fariseërs en van
die partyaanhangers van He-
rodes[j] na hom toe gestuur om
hom in sy woorde te verstrik.[k]
**14** By hulle aankoms het hul-
le vir hom gesê: "Leermeester,
ons weet dat u waaragtig is en u
aan niemand steur nie, want u
sien nie mense se uiterlike aan
nie, maar dat u die weg van God
in ooreenstemming met die
waarheid leer:[l] Is dit geoorloof
om hoofbelasting aan die kei-
ser te betaal of nie? **15** Moet
ons betaal of moet ons nie be-
taal nie?"[m] Hy het hulle hui-
gelary bespeur en vir hulle ge-
sê: "Waarom stel julle my op die
proef? Bring vir my 'n dena'ri-
us om na te kyk."[n] **16** Hulle
het een gebring. En hy het vir
hulle gesê: "Wie se beeld en op-
skrif is dit?" Hulle het vir hom
gesê: "Die keiser s'n."[o] **17** Je-
sus het toe gesê: "Betaal aan
die keiser terug wat aan die
keiser behoort,[p] maar aan God
wat aan God behoort."[q] En hul-

**HFST. 11**
a Mt 21:24, Lu 20:3
b Mr 1:4
c Mt 21:25, Lu 20:4
d Lu 20:5
e Mt 3:5, Mt 14:5, Mt 21:26, Mr 6:20, Lu 20:6
f Spr 26:4, Mt 7:6, Mt 21:27, Lu 20:8

**HFST. 12**
g Ps 80:8, Jer 2:21
h Jes 5:2
i Hgl 8:11
j Mt 21:33, Lu 20:9
k Mt 21:34, Lu 20:10
l Mt 21:35
m Mt 21:36, Lu 20:11, Heb 11:37
n Ps 2:7, Mt 1:23, Ga 4:4, 1Jo 4:9
o Mt 21:37, Lu 20:13
p Ps 2:8, Heb 1:2

**Tweede kol.**
a Mt 21:38, Lu 20:14
b Han 2:23
c Mt 21:39, Lu 20:15, Heb 13:12
d Han 28:28
e Mt 21:41, Lu 20:16
f Han 4:11
g Ps 118:22, Mt 21:42, Lu 20:17, Ef 2:20, 1Pe 2:7
h Ps 118:23
i Mt 21:45, Mr 11:18, Lu 20:19
j Mr 3:6
k Mt 22:15, Lu 20:20
l Mt 22:16, Lu 20:21
m Mt 22:17, Lu 20:22
n Mt 22:18, Lu 20:23
o Mt 22:20, Lu 20:24
p Ro 13:7, Tit 3:1, 1Pe 2:13
q Mt 22:21, Lu 20:25

le het hulle oor hom begin ver-
wonder.[a]
18 En daar het Sadduseërs,
wat sê dat daar geen opstan-
ding is nie, na hom toe ge-
kom, en hulle het hom gevra:[b]
19 “Leermeester, Moses het vir
ons geskryf dat as iemand se
broer sterf en ’n vrou agter-
laat maar nie ’n kind nalaat nie,
sy broer[c] die vrou moet neem
en by haar ’n nageslag vir sy
broer moet verwek.[d] 20 Daar
was sewe broers; en die eerste
het ’n vrou geneem, maar toe
hy sterf, het hy geen nageslag
nagelaat nie.[e] 21 En die twee-
de het haar geneem, maar ge-
sterf sonder om ’n nageslag na
te laat; en die derde net so.
22 En die sewe het geen nage-
slag nagelaat nie. Laaste van al-
mal het die vrou ook gesterf.[f]
23 Wie van hulle se vrou sal sy
in die opstanding wees?[g] Want
al sewe het haar as vrou ge-
had.” 24 Jesus het vir hulle
gesê: “Is dit nie waarom julle
julle vergis nie, omdat julle nie
die Skrif en ook nie die krag
van God ken nie?[h] 25 Want
wanneer hulle uit die dode op-
staan, trou manne nie en word
vroue ook nie in die huwelik ge-
gee nie, maar is hulle soos enge-
le in die hemele.[i] 26 Maar wat
die dooies betref, dat hulle op-
gewek word, het julle nie in die
boek van Moses, in die verslag
oor die doringbos, gelees hoe
God vir hom gesê het: ‘Ek is die
God van Abraham en die God
van Isak en die God van Jakob’
nie?[j] 27 Hy is ’n God, nie van
die dooies nie, maar van die le-
wendes. Julle vergis julle groot-
liks.”[k]
28 En een van die skrifge-
leerdes wat nader gekom en
hulle hoor redeneer het, en
wat geweet het dat hy hulle
goed geantwoord het, het hom
gevra: “Wat is die heel eerste
gebod?”[a] 29 Jesus het geant-
woord: “Die eerste is: ‘Hoor, o
Israel, Jehovah ons God is een
Jehovah,[b] 30 en jy moet Jeho-
vah jou God liefhê met jou hele
hart en met jou hele siel en met
jou hele verstand en met al jou
krag.’[c] 31 Die tweede is dit:
‘Jy moet jou naaste liefhê soos
jouself.’[d] Daar is geen ander ge-
bod groter as dié nie.” 32 Die
skrifgeleerde het vir hom ge-
sê: “Leermeester, u het tereg
in ooreenstemming met die
waarheid gesê: ‘Hy is Een, en
daar is geen ander as Hy nie’;[e]
33 en om hom lief te hê met
jou hele hart en met jou hele
begrip en met jou hele krag en
om jou naaste lief te hê soos
jouself, is baie meer werd as
al die heelbrandoffers en offe-
randes.”[f] 34 Hierop het Je-
sus, wat onderskei het dat hy
intelligent geantwoord het, vir
hom gesê: “Jy is nie ver van
die koninkryk van God af nie.”
Maar niemand het meer die
moed gehad om hom iets te vra
nie.[g]
35 Maar terwyl Jesus in die
tempel geleer het, het hy ge-
antwoord en begin sê: “Hoe is
dit dat die skrifgeleerdes sê dat
die Christus Dawid se seun is?[h]
36 Deur die heilige gees[i] het
Dawid self gesê: ‘Jehovah het
vir my Here gesê: “Sit aan my
regterhand totdat ek jou vy-
ande onder jou voete stel.”’[j]
37 Dawid self noem hom ‘He-
re’, maar hoe kom dit dat hy sy
seun is?”[k]
En die groot skare het met
genoeë na hom geluister.[l]
38 En in sy lering het hy ver-
der gesê: “Pas op vir die skrif-
geleerdes[m] wat in lang klere
wil rondloop en begroetinge op

**HFST. 12**
a Mt 22:22
b Mt 22:23, Lu 20:27, Han 23:8
c Ge 38:8, De 25:5
d Mt 22:24, Lu 20:28
e Mt 22:25, Lu 20:29
f Mt 22:26, Lu 20:31
g Mt 22:28, Lu 20:33
h Mt 22:29, Lu 20:34
i Mt 22:30, Lu 20:35
j Eks 3:2, Mt 22:31, Lu 20:37
k Mt 22:32, Lu 20:38

**Tweede kol.**
a Mt 22:35
b De 6:4
c De 6:5, Jos 22:5, Mt 22:37, Lu 10:27
d Le 19:18, Mt 22:39, Ro 13:9, Ga 5:14, Jak 2:8
e De 4:39, De 6:4, Jes 45:21, Jes 46:9, 1Ko 8:4
f De 6:5, 1Sa 15:22, Ho 6:6, Mi 6:6
g Mt 22:46
h Mt 22:42, Lu 20:41, Joh 7:42
i 2Sa 23:2, 2Ti 3:16, 2Pe 1:21
j Ps 110:1, Mt 22:44, Han 2:34, 1Ko 15:25, Heb 1:13
k Ro 1:3, Op 22:16
l Lu 19:48, Lu 21:38
m Mt 23:1, Lu 20:46

die markpleine wil hê, **39** as-
ook die voorste sitplekke in
die sinagoges en die vernaam-
ste plekke by aandmaaltye.[a]
**40** Dit is hulle wat die huise
van die weduwees verslind[b] en
vir die skyn lang gebede doen;
hulle sal ’n swaarder oordeel
ontvang.”[c]

**41** En hy het gaan sit waar
hy die skatkiste[d] kon sien en
begin toekyk hoe die skare
geld in die skatkiste gooi; en
talle ryk mense het baie munt-
stukke ingegooi.[e] **42** En ’n
arm weduwee het gekom en
twee muntstukkies ingegooi
wat baie min waarde het.[f]
**43** Toe het hy sy dissipels na
hom toe geroep en vir hulle ge-
sê: “Voorwaar, ek sê vir julle
dat hierdie arm weduwee meer
ingegooi het as almal wat geld
in die skatkiste gegooi het;[g]
**44** want hulle het almal uit
hulle oorvloed ingegooi, maar
sy het in haar gebrek alles in-
gegooi wat sy gehad het, haar
hele lewensonderhoud.”[h]

**13** Terwyl hy uit die tempel
uitgegaan het, het een
van sy dissipels vir hom gesê:
“Leermeester, kyk! watter klip-
pe en watter geboue!”[i] **2** Je-
sus het egter vir hom gesê:
“Sien jy hierdie groot geboue?[j]
Hier sal hoegenaamd nie ’n klip
op ’n klip gelaat word[k] wat nie
afgebreek sal word nie.”[l]

**3** En terwyl hy op die Olyf-
berg gesit het met ’n uitsig op
die tempel, het Petrus[m] en Ja-
kobus en Johannes en Andre′as
hom begin vra toe hulle alleen
was:[n] **4** “Sê vir ons: Wanneer
sal hierdie dinge wees, en wat
sal die teken wees wanneer al
hierdie dinge bestem is om tot
’n voleinding te kom?”[o] **5** Toe
het Jesus vir hulle begin sê:
“Pas op dat niemand julle mis-
lei nie.[a] **6** Baie sal onder my
naam kom en sê: ‘Dit is ek’,
en hulle sal baie mislei.[b] **7** En
wanneer julle van oorloë en be-
rigte van oorloë hoor, moet jul-
le nie verskrik word nie; hierdie
dinge moet plaasvind, maar dit
is nog nie die einde nie.[c]

**8** “Want nasie sal teen na-
sie opstaan en koninkryk teen
koninkryk,[d] daar sal aardbe-
wings[e] op die een plek na die
ander wees, daar sal voedsel-
tekorte[f] wees. Hierdie dinge is
’n begin van weë van benoud-
heid.[g]

**9** “Wat julle betref, gee ag
op julleself; mense sal julle
aan plaaslike geregshowe oorle-
wer,[h] en julle sal in sinagoges
geslaan word[i] en voor goewer-
neurs en konings gebring word
ter wille van my, as ’n getuienis
vir hulle.[j] **10** Ook moet die
goeie nuus[k] eers in al die nasies
verkondig word.[l] **11** Maar
wanneer hulle julle weglei om
julle oor te lewer, moet jul-
le julle nie vooraf kwel oor wat
julle sal sê nie;[m] maar wat jul-
le ook al in daardie uur gegee
word, dit moet julle sê, want dit
is nie julle wat praat nie, maar
die heilige gees.[n] **12** En broer
sal broer aan die dood oorlewer,
en ’n vader ’n kind,[o] en kin-
ders sal teen ouers opstaan en
hulle laat doodmaak;[p] **13** en
julle sal weens my naam vir
alle mense voorwerpe van haat
wees.[q] Maar wie tot die einde
toe volhard het,[r] hy sal gered
word.[s]

**14** “Maar wanneer julle die
walglike ding[t] wat verwoesting
veroorsaak,[u] sien staan waar
dit nie behoort te staan nie (laat
die leser onderskeidingsvermoë
gebruik),[v] laat dié wat in Jude′a
is, dan na die berge begin vlug.[w]

**HFST. 12**
**a** Mt 23:6, Lu 11:43, Lu 20:46
**b** 2Ti 3:6
**c** Mt 23:14
**d** 2Kn 12:9, Joh 8:20
**e** Lu 21:1
**f** Lu 21:2
**g** 1Kr 29:9, Lu 21:3, 2Ko 8:12
**h** 1Kr 29:9, Lu 21:4

**HFST. 13**
**i** Mt 24:1, Lu 21:5
**j** Jer 7:14
**k** Lu 19:44
**l** Le 26:31, Mt 24:2, Lu 21:6
**m** Mt 17:1
**n** Mt 24:3
**o** Lu 21:7

**Tweede kol.**
**a** Jer 29:8, Mt 24:4
**b** Mt 24:5, Lu 21:8
**c** Mt 24:6
**d** Lu 21:10, Op 6:4
**e** Mt 24:7
**f** Lu 21:11, Op 6:6, Op 6:8
**g** Mt 24:8
**h** Han 4:15
**i** Mt 10:17, Lu 21:12, Joh 16:2, Op 2:10
**j** Mt 24:9, Lu 21:12, 2Ti 3:12
**k** Han 8:12
**l** Mt 24:14, Ro 10:18, Op 14:6
**m** Mt 10:19, Lu 12:11, Lu 21:14
**n** Eks 4:12, Lu 21:15, Han 4:8, Han 6:10
**o** Mi 7:6, Mt 10:21, Lu 21:16, 2Ti 3:3
**p** Mt 24:10, 2Ti 3:1
**q** Lu 21:17
**r** Da 12:12, 2Ti 4:7, Heb 3:6
**s** Op 2:10
**t** De 29:17, 1Kn 11:5, Op 13:15
**u** Da 9:27
**v** Mt 24:15
**w** Mt 24:16

**15** Laat die man wat op die dak
is, nie afkom nie en ook nie in-
gaan om enigiets uit sy huis te
neem nie;[a] **16** en laat die man
wat op die land is, nie terugkeer
na die dinge wat agter is om
sy bokleed te gaan haal nie.[b]
**17** Wee die swanger vroue en
dié wat ’n baba soog in daar-
die dae![c] **18** Hou aan bid dat
dit nie in die winter plaasvind
nie;[d] **19** want daardie dae sal
dae van ’n verdrukking[e] wees
soos daar sedert die begin van
die skepping wat God geskep
het tot op daardie tyd nie plaas-
gevind het nie en nie weer sal
plaasvind nie.[f] **20** Trouens,
as Jehovah[g] die dae nie verkort
het nie, sou geen vlees gered
word nie. Maar weens die uit-
verkorenes[h] wat hy uitverkies
het,[i] het hy die dae verkort.[j]

**21** “Ook as iemand dan vir
julle sê: ‘Kyk! Hier is die Chris-
tus’, ‘Kyk! Daar is hy’,[k] moet
julle dit nie glo nie.[l] **22** Want
valse Christusse en valse pro-
fete sal opstaan[m] en sal te-
kens en wonders[n] doen om,
indien moontlik, die uitver-
korenes op ’n dwaalspoor te
bring.[o] **23** Wees dan op julle
hoede;[p] ek het julle alles vooraf
gesê.[q]

**24** “Maar in daardie dae, ná
daardie verdrukking, sal die
son verduister word, en die
maan sal sy lig nie gee nie,
**25** en die sterre sal uit die he-
mel val, en die kragte wat in
die hemele is, sal geskud word.[r]
**26** En dan sal hulle die Seun
van die mens[s] met groot krag
en heerlikheid in wolke sien
kom.[t] **27** En dan sal hy die en-
gele uitstuur en sy uitverkore-
nes[u] bymekaarmaak uit die vier
windstreke, van die einde van
die aarde af tot by die einde van
die hemel.[v]

**28** “En leer van die vyeboom
die illustrasie: Sodra sy jong
tak sag word en blare kry,
weet julle dat die somer naby
is.[a] **29** Net so moet julle, wan-
neer julle hierdie dinge sien ge-
beur, ook weet dat hy naby is,
voor die deur.[b] **30** Voorwaar,
ek sê vir julle dat hierdie geslag
hoegenaamd nie sal verbygaan
voordat al hierdie dinge gebeur
het nie.[c] **31** Hemel[d] en aarde
sal verbygaan, maar my woor-
de[e] sal nie verbygaan nie.[f]

**32** “Van daardie dag of die
uur weet niemand nie, nie die
engele in die hemel nie en ook
nie die Seun nie, maar net die
Vader.[g] **33** Bly op die uitkyk,
bly wakker,[h] want julle weet
nie wanneer dit die vasgestel-
de tyd is nie.[i] **34** Dit is soos ’n
man wat, toe hy na die buite-
land gereis het,[j] sy huis verlaat
het en die gesag aan sy slawe
gegee het, aan elkeen sy werk,
en die deurwagter beveel het
om aan te hou waak. **35** Hou
dus aan waak,[k] want julle weet
nie wanneer die heer van die
huis kom nie, hetsy laat in die
dag of middernag of met ha-
nekraai of vroeg in die oggend;[l]
**36** sodat hy, wanneer hy skielik
kom, julle nie aan die slaap vind
nie.[m] **37** Maar wat ek vir jul-
le sê, sê ek vir almal: Hou aan
waak.”[n]

# 14
En die pasga[o] en die fees[p]
van die ongesuurde koe-
ke was twee dae later.[q] En
die hoofpriesters en die skrif-
geleerdes het ’n manier gesoek
om hom deur ’n slinkse plan
gevange te neem en dood te
maak;[r] **2** want hulle het her-
haaldelik gesê: “Nie by die fees
nie; miskien sal daar ’n opskud-
ding onder die volk wees.”[s]

**HFST. 13**

a Mt 24:17
b Mt 24:18
c Mt 24:19, Lu 19:44, Lu 21:23, Lu 23:28
d Mt 24:20
e Da 12:1, Jl 2:2, Op 7:14
f Mt 24:21
g Jes 1:9, Sag 13:8
h Op 17:14
i Ro 8:33, Ef 1:4
j Mt 24:22
k Lu 17:23, Lu 21:8
l Mt 24:23, 1Jo 4:1
m De 13:1, De 18:22, Mt 7:15
n Op 13:13
o Mt 24:24
p Mt 7:15, Mt 24:42, Ef 6:18, 2Pe 3:17
q Joh 13:19
r Mt 24:29
s Da 7:13, Han 1:11, Op 1:7
t Mt 24:30, Lu 21:27
u Op 7:3
v De 30:4, Sag 2:6, Mt 24:31

**Tweede kol.**

a Mt 24:32, Lu 21:29
b Mt 24:33, Mr 13:28
c Mt 24:34, Lu 21:32
d Ps 102:26, Jes 51:6
e Jos 23:14, Jes 40:8
f Mt 5:18, Mt 24:35, Lu 16:17
g Mt 24:36, Han 1:7
h Ro 13:11, 1Te 5:6
i Mt 25:13, Lu 21:34
j Mt 25:14
k Mt 24:42, Lu 12:36, Han 20:31, Op 3:3
l Lu 12:38, Lu 21:36
m Mt 25:5
n Hab 2:3

**HFST. 14**

o Eks 12:6, Le 23:5, Lu 22:1, Joh 13:1
p Le 23:6
q Mt 26:2

**r** Mt 26:4; Lu 22:2; **s** Mt 26:5.

**3** En toe hy in Beta′nië in
die huis van Simon, die me-
laatse,[a] was, terwyl hy gedu-
rende die maaltyd aan tafel
was, het daar ’n vrou gekom
met ’n albaste fles welrieken-
de olie, egte nardus, baie duur.
Sy het die albaste fles oopge-
breek en dit op sy kop begin
uitgooi.[b] **4** Hierop was daar
party wat onder mekaar ver-
ontwaardiging uitgespreek het:
“Waarom het hierdie verkwis-
ting van die welriekende olie
plaasgevind?[c] **5** Want hierdie
welriekende olie kon vir meer
as driehonderd dena′rii verkoop
en vir die armes gegee geword
het!” En hulle was baie onte-
vrede met haar.[d] **6** Maar Je-
sus het gesê: “Laat staan haar.
Waarom val julle haar lastig?
Sy het ’n goeie daad aan my ge-
doen.[e] **7** Want julle het die ar-
mes[f] altyd by julle, en wanneer
julle wil, kan julle altyd aan
hulle goed doen, maar vir my
het julle nie altyd nie.[g] **8** Sy
het gedoen wat sy kon; sy het
dit vooraf op haar geneem om
welriekende olie aan my lig-
gaam te sit met die oog op die
begrafnis.[h] **9** Voorwaar, ek sê
vir julle: Oral waar die goeie
nuus in die hele wêreld verkon-
dig word,[i] sal wat hierdie vrou
gedoen het, ook vertel word ter
gedagtenis aan haar.”[j]

**10** En Judas Iska′riot, een
van die twaalf, het na die hoof-
priesters toe gegaan om hom
aan hulle te verraai.[k] **11** Toe
hulle dit hoor, was hulle bly
en het hulle beloof om hom sil-
wergeld te gee.[l] Hy het dus ’n
manier begin soek om hom by
’n geskikte geleentheid te ver-
raai.[m]

**12** En op die eerste dag van
die ongesuurde[n] koeke, wan-
neer hulle volgens gewoonte
die pasgaslagoffer geoffer het,
het sy dissipels[a] vir hom gesê:
“Waar wil u hê moet ons gaan
voorberei vir u om die pasga te
eet?”[b] **13** Daarop het hy twee
van sy dissipels uitgestuur en
vir hulle gesê: “Gaan in die stad
in, en ’n man wat ’n erdehou-
er met water dra, sal julle ont-
moet.[c] Volg hom, **14** en waar
hy ook al ingaan, moet julle vir
die huisheer sê: ‘Die Leermees-
ter sê: “Waar is die gastever-
trek vir my waar ek die pas-
ga[d] saam met my dissipels kan
eet?” ’[e] **15** En hy sal julle ’n
groot bovertrek wys, wat ter
voorbereiding ingerig is; en be-
rei daar vir ons voor.”[f] **16** Toe
het die dissipels uitgegaan, en
hulle het in die stad ingegaan
en dit gevind net soos hy vir
hulle gesê het; en hulle het vir
die pasga voorberei.[g]

**17** Nadat dit aand geword
het, het hy met die twaalf ge-
kom.[h] **18** En terwyl hulle aan
tafel was en geëet het, het Je-
sus gesê: “Voorwaar, ek sê vir
julle: Een van julle, wat saam
met my eet,[i] sal my verraai.”[j]
**19** Hulle het begin om bedroef
te word en een vir een vir hom
te sê: “Dit is tog nie ek nie?”[k]
**20** Hy het vir hulle gesê: “Dit
is een van die twaalf, wat saam
met my in die gemeenskaplike
bak doop.[l] **21** Die Seun van
die mens gaan weliswaar weg,
net soos daar van hom geskry-
we staan, maar wee daardie
man deur wie die Seun van die
mens verraai word! Dit sou vir
daardie man beter gewees het
as hy nie gebore was nie.”[m]

**22** En terwyl hulle verder
geëet het, het hy ’n brood ge-
neem, ’n seën gevra, dit ge-
breek en dit vir hulle gegee en
gesê: “Neem dit, dit beteken my
liggaam.”[n] **23** En hy het ’n be-

**HFST. 14**
a Mt 26:6
b Mt 26:7; Joh 12:3
c Mt 26:8; Joh 12:4
d Mt 26:9; Joh 12:5
e Mt 26:10; Joh 12:7
f De 15:11; Joh 12:8
g Mt 26:11; Joh 12:8
h Mt 26:12
i Mt 24:14
j Mt 26:13
k Mt 26:14; Lu 22:4
l De 27:25; Sag 11:12; Mt 26:15; Lu 22:5; 1Ti 6:10
m Mt 26:16; Lu 22:6
n Eks 12:15; Eks 12:18; Eks 23:15; Le 23:6; Lu 22:7

**Tweede kol.**
a Lu 22:8
b Nu 9:2; Mt 26:17; Lu 22:9
c Mt 26:18; Lu 22:10
d Eks 12:6; Le 23:5
e Lu 22:11
f Lu 22:12
g Mt 26:19; Lu 22:13
h Mt 26:20; Lu 22:14
i Ps 41:9
j Mt 26:21; Lu 22:21; Joh 13:21
k Mt 26:22; Lu 22:23; Joh 13:22
l Mt 26:23
m Job 3:3; Mt 26:24
n Mt 26:26; Lu 22:19; 1Ko 10:16; 1Ko 11:24

ker geneem, gedank en dit vir
hulle gegee, en hulle het almal
daaruit gedrink.[a] **24** En hy
het vir hulle gesê: “Dit beteken
my ‘bloed[b] van die verbond’,[c]
wat vir baie uitgestort[d] sal
word.[e] **25** Voorwaar, ek sê vir
julle: Ek sal hoegenaamd nie
meer van die vrug van die win-
gerdstok drink tot op daardie
dag wanneer ek dit nuut in die
koninkryk van God drink nie.”[f]
**26** Uiteindelik het hulle, nadat
hulle lofliedere gesing het,[g] na
die Olyfberg uitgegaan.[h]

**27** En Jesus het vir hulle
gesê: “Julle sal almal strui-
kel, want daar staan geskry-
we: ‘Ek sal die herder slaan,[i] en
die skape sal verstrooi word.’[j]
**28** Maar nadat ek opgewek is,
sal ek voor julle uit na Galile′a
gaan.”[k] **29** Maar Petrus het
vir hom gesê: “Selfs al struikel
al die ander, tog sal ek nie.”[l]
**30** Daarop het Jesus vir hom
gesê: “Voorwaar, ek sê vir jou:
Vandag nog, ja, vannag, voor-
dat ’n haan twee keer kraai, sal
selfs jy my drie keer verloën.”[m]
**31** Maar hy het met nadruk
begin sê: “Al moet ek saam met
u sterf, sal ek u hoegenaamd
nie verloën nie.” Ook het al die
ander dieselfde begin sê.[n]

**32** Toe het hulle by ’n plek
met die naam Getse′mane ge-
kom, en hy het vir sy dissipels
gesê: “Sit hier terwyl ek bid.”[o]
**33** En hy het Petrus en Ja-
kobus en Johannes[p] saam met
hom geneem, en hy het ont-
steld en erg verontrus begin
word.[q] **34** En hy het vir hulle
gesê: “My siel is diep bedroef,[r]
ja, tot die dood toe. Bly hier en
hou aan waak.”[s] **35** En hy het
’n entjie verder gegaan en toe
op die grond neergeval en be-
gin bid dat, as dit moontlik is,
die uur by hom sou verbygaan.[t]
**36** En hy het gesê: *“Abba,* Va-
der,[a] alles is vir u moontlik;
neem hierdie beker van my af
weg. Nogtans nie wat ek wil
nie, maar wat u wil.”[b] **37** En
hy het gekom en hulle aan die
slaap gevind, en hy het vir Pe-
trus gesê: “Simon, slaap jy?
Het jy nie die krag gehad om
een uur aan te hou waak nie?[c]
**38** Manne, hou aan waak en
bid,[d] sodat julle nie in versoe-
king kom nie. Die gees is na-
tuurlik gretig, maar die vlees
is swak.”[e] **39** En hy het weer
weggegaan en gebid en dieself-
de woord gespreek.[f] **40** En
weer het hy gekom en hulle aan
die slaap gevind, want hulle oë
was swaar, en hulle het nie ge-
weet wat om hom te antwoord
nie.[g] **41** En hy het die derde
keer gekom en vir hulle gesê:
“Op ’n tyd soos dié slaap julle en
rus julle! Dit is genoeg! Die uur
het gekom![h] Kyk! Die Seun van
die mens word deur verraad in
die hande van sondaars oorge-
lewer.[i] **42** Staan op, laat ons
gaan.[j] Kyk! My verraaier het
naby gekom.”[k]

**43** En onmiddellik, terwyl
hy nog gepraat het, het Judas,
een van die twaalf, daar aange-
kom, en saam met hom ’n me-
nigte met swaarde en knuppels,
gestuur deur die hoofpriesters
en die skrifgeleerdes en die
ouer manne.[l] **44** En sy ver-
raaier het hulle ’n afgesproke
teken gegee en gesê: “Die een
wat ek soen, dit is hy; neem
hom in hegtenis en lei hom vei-
lig weg.”[m] **45** En hy het reg-
uit na hom toe aangekom en
tot by hom gekom en gesê:
“Rabbi!” en hom baie teer ge-
soen.[n] **46** Toe het hulle die
hande aan hom geslaan en hom
in hegtenis geneem.[o] **47** Een
van dié wat daar gestaan het,

**HFST. 14**

a Mt 26:27; Joh 6:53; 1Ko 10:16; 1Ko 11:25
b Eks 24:8; Le 17:11; Sag 9:11; Heb 9:22
c Jer 31:31; Heb 7:22; Heb 9:15
d Jes 53:12
e Mt 26:28; Lu 22:20
f 1Ko 11:26
g Ps 113 tot 118
h Mt 26:30; Lu 22:39; Joh 18:1
i Jes 53:5; Da 9:26; Sag 13:7
j Mt 26:31; Mt 26:56; Mr 14:50; Joh 16:32
k Mt 26:32; Mr 16:7
l Spr 11:2; Mt 26:33; Lu 22:33; Joh 13:37
m Mt 26:34; Lu 22:34; Joh 13:38
n Mt 26:35
o Mt 26:36; Lu 22:39; Joh 18:1
p Mt 17:1
q Mt 26:37
r Ps 42:5; Ps 43:5; Joh 12:27
s Mt 26:38
t Mt 26:39; Lu 22:41

**Tweede kol.**

a Ro 8:15; Ga 4:6
b Lu 22:42; Joh 6:38; Heb 5:7
c Mt 26:40; Lu 22:45
d Mt 6:13; Lu 11:4
e Mt 26:41; Ro 7:23; Ga 5:17
f Mt 26:42
g Mt 26:43
h Joh 13:1
i Mt 26:45
j Joh 14:31
k Mt 26:46; Joh 18:2
l Mt 26:47; Lu 22:47; Joh 18:3
m Mt 26:48
n 2Sa 20:9
o Mt 26:50; Lu 22:49

het egter sy swaard getrek
en die slaaf van die hoëpries-
ter geslaan en sy oor afgekap.[a]
**48** Maar Jesus het in reaksie
hierop vir hulle gesê: “Het jul-
le soos teen ’n rower uitgekom
met swaarde en knuppels om
my te arresteer?[b] **49** Dag vir
dag was ek by julle in die tem-
pel besig om te leer,[c] en tog het
julle my nie in hegtenis geneem
nie. Nietemin gebeur dit sodat
die Skrif[d] vervul kan word.”[e]
**50** En hulle almal het hom
verlaat[f] en gevlug.[g] **51** Maar
’n sekere jong man, wat ’n kleed
van fyn linne om sy naakte lyf
gedra het, het hom op ’n kort
afstand begin volg; en hulle het
hom probeer gryp,[h] **52** maar
hy het sy linnekleed agterge-
laat en naak weggekom.
**53** En hulle het Jesus wegge-
lei na die hoëpriester toe, en al
die hoofpriesters en die ouer
manne en die skrifgeleerdes het
bymekaargekom.[i] **54** Maar
Petrus het hom op ’n aansien-
like afstand tot in die binnehof
van die hoëpriester gevolg;[j] en
hy het saam met die huisbedien-
des gesit en hom by ’n helder
vuur warm gemaak. **55** Intus-
sen het die hoofpriesters en die
hele San′hedrin getuienis teen
Jesus gesoek om hom dood te
maak,[k] maar hulle het niks
gevind nie.[l] **56** Baie het wel
valse getuienis teen hom ge-
gee,[m] maar hulle getuienis het
nie ooreengestem nie.[n] **57** En
sommige het opgestaan en val-
se getuienis teen hom afgelê en
gesê: **58** “Ons het hom hoor
sê: ‘Ek sal hierdie tempel wat
met hande gemaak is, afbreek
en in drie dae ’n ander een
bou wat nie met hande gemaak
is nie.’ ”[o] **59** Maar ook daarin
het hulle getuienis nie ooreen-
gestem nie.

HFST. 14
a Mt 26:51 Lu 22:50 Joh 18:10
b Mt 26:55 Lu 22:52
c Lu 19:47 Joh 18:20
d Ps 22:6 Jes 53:7 Da 9:26 Lu 22:37
e Mt 26:56 Op 19:10
f Ps 38:11 Ps 88:8 2Ti 4:16
g Sag 13:7 Mt 26:31 Joh 16:32
h Joh 18:15
i Mt 26:57 Lu 22:54 Joh 18:13
j Mt 26:58 Joh 18:15
k Ps 37:12 Ps 37:32
l Da 6:4 Mt 26:59 1Pe 3:16
m Eks 20:16 De 19:16 Ps 35:11 Spr 19:5
n Mt 26:60
o Mt 26:61 Mr 15:29 Joh 2:19

Tweede kol.
a Mt 26:62
b Jes 53:7 1Pe 2:23
c Mt 26:63
d Da 7:13 Mt 24:30
e Ps 110:1 Ef 1:20 Kol 3:1
f Mt 26:64 Lu 21:27 Op 1:7 Op 14:14
g Le 10:6
h Mt 26:65
i Le 24:16 1Kn 21:13 Joh 19:7
j Jes 50:6 Jes 53:3 Mt 26:67
k Lu 22:64
l Mt 26:69 Lu 22:55 Joh 18:18
m Lu 22:56
n Mt 26:70 Lu 22:57
o Mt 26:71 Lu 22:58 Joh 18:25

**60** Uiteindelik het die hoë-
priester in hulle midde opge-
staan en Jesus ondervra en
gesê: “Antwoord jy niks nie?
Wat getuig hulle teen jou?”[a]
**61** Maar hy het stilgebly en
hoegenaamd geen antwoord ge-
gee nie.[b] Weer het die hoë-
priester hom begin ondervra en
vir hom gesê: “Is jy die Chris-
tus, die Seun van die Geseën-
de?”[c] **62** Toe het Jesus gesê:
“Ek is; en julle sal die Seun
van die mens[d] aan die regter-
hand van krag sien sit[e] en met
die wolke van die hemel sien
kom.”[f] **63** Hierop het die hoë-
priester sy onderkledingstuk-
ke geskeur[g] en gesê: “Waarvoor
het ons nog getuies nodig?[h]
**64** Julle het die lastering ge-
hoor.[i] Hoe lyk dit vir julle?”
Hulle het hom almal veroor-
deel dat hy die dood verdien.
**65** En party het begin om op
hom te spoeg[j] en sy hele ge-
sig te bedek en hom met hulle
vuiste te slaan en vir hom te sê:
“Profeteer!” En die geregsdie-
naars het hom in die gesig ge-
klap en hom weggeneem.[k]
**66** En terwyl Petrus onder
in die binnehof was, het een
van die diensmeisies van die
hoëpriester gekom,[l] **67** en toe
sy Petrus sien, besig om hom
warm te maak, het sy hom reg-
uit aangekyk en gesê: “Jy was
ook saam met die Nasarener,
dié Jesus.”[m] **68** Maar hy het
dit ontken en gesê: “Ek ken
hom nie en ek verstaan ook nie
wat jy sê nie”, en hy het buiten-
toe gegaan na die voorportaal.[n]
**69** Toe die diensmeisie hom
daar sien, het sy weer vir dié
wat daar staan, begin sê: “Hy is
een van hulle.”[o] **70** Weer het
hy dit ontken. En na ’n klein
rukkie het dié wat daar ge-
staan het, weer eens vir Petrus

begin sê: “Jy is beslis een van
hulle, want jy is ’n Galileër.”[a]
**71** Maar hy het begin vloek
en sweer:[b] “Ek ken nie hierdie
man van wie julle praat nie.”[c]
**72** En onmiddellik het ’n haan
’n tweede keer gekraai;[d] en Pe-
trus het die woord onthou wat
Jesus vir hom gesê het: “Voor-
dat ’n haan twee keer kraai, sal
jy my drie keer verloën.”[e] En
hy het begin huil.[f]

**15** En onmiddellik met dag-
breek het die hoofpries-
ters saam met die ouer man-
ne en die skrifgeleerdes, ja, die
hele San′hedrin, beraadslaag,[g]
en hulle het Jesus geboei en
hom weggelei en hom aan Pila-
tus oorgelewer.[h] **2** Toe het Pi-
latus hom gevra: “Is jy die ko-
ning[i] van die Jode?” Hy het
hom geantwoord en gesê: “U
sê dit self.”[j] **3** Maar die hoof-
priesters het aangehou om hom
van baie dinge te beskuldig.[k]
**4** En Pilatus het hom weer be-
gin ondervra en gesê: “Het jy
geen antwoord nie?[l] Kyk hoe-
veel aanklagte bring hulle teen
jou in.”[m] **5** Maar Jesus het
geen verdere antwoord gegee
nie, sodat Pilatus hom begin
verwonder het.[n]

**6** Wel, by elke fees het hy ge-
woonlik vir hulle een gevange-
ne, die een wat hulle gevra het,
vrygelaat.[o] **7** Daar was dié
tyd ’n sekere Barab′bas in boeie
saam met die opstandelinge,
wat in hulle opstand moord ge-
pleeg het.[p] **8** Toe het die ska-
re opgekom en begin versoek
dat hy vir hulle sou doen soos
gewoonlik. **9** Pilatus het hul-
le geantwoord en gesê: “Wil
julle hê dat ek vir julle die ko-
ning van die Jode moet vry-
laat?”[q] **10** Want hy het ge-
weet dat die hoofpriesters hom
uit afguns[r] oorgelewer het.[s]
**11** Maar die hoofpriesters het
die skare opgesteek dat hy lie-
wer Barab′bas vir hulle moet
vrylaat.[a] **12** Weer het Pilatus
geantwoord en vir hulle gesê:
“Wat moet ek dan doen met
hom wat julle die koning[b] van
die Jode noem?”[c] **13** Hulle
het weer eens uitgeroep: “Hang
hom aan die paal!”[d] **14** Maar
Pilatus het vir hulle gesê: “Wat
het hy dan gedoen wat sleg is?”
Maar hulle het des te meer uit-
geroep: “Hang hom aan die
paal!”[e] **15** Omdat Pilatus die
skare tevrede wou stel,[f] het hy
toe Barab′bas vir hulle vryge-
laat, en nadat hy Jesus laat ge-
sel het, het hy hom oorgele-
wer om aan die paal gehang te
word.[g]

**16** Die soldate het hom toe
in die binnehof in weggelei,
dit wil sê in die goewerneur
se paleis in; en hulle het die
hele troepeafdeling bymekaar-
geroep,[h] **17** en hulle het hom
in purper geklee en ’n doring-
kroon gevleg en dit vir hom
opgesit.[i] **18** En hulle het hom
begin groet: “Goeiedag,[j] Koning
van die Jode!” **19** Ook het hul-
le hom met ’n riet op die kop ge-
slaan en op hom gespoeg en aan
hom hulde bewys deur op hulle
knieë te gaan.[k] **20** Nadat hul-
le met hom die spot gedryf het,
het hulle uiteindelik die pur-
perkleed uitgetrek en sy bokle-
re vir hom aangetrek. En hul-
le het hom uitgelei om hom aan
die paal te hang.[l] **21** En hul-
le het ’n verbyganger, ’n seke-
re Simon van Sire′ne, wat van
die platteland af gekom het, die
vader van Aleksander en Ru-
fus, gekommandeer om sy fol-
terpaal op te tel.[m]

**22** Toe het hulle hom ge-
bring na die plek *Gol′gota,*
wat, wanneer dit vertaal word,

**HFST. 14**
a Mt 26:73; Lu 22:59; Joh 18:26
b Spr 29:25; Mt 5:37
c Mt 26:74
d Lu 22:61; Joh 18:27
e Mt 26:34; Mr 14:30; Lu 22:34; Joh 13:38
f 2Ko 7:10

**HFST. 15**
g Ps 2:2; Han 4:26
h Mt 27:1; Lu 22:66; Joh 18:28; Han 3:13
i Ps 2:2; Joh 18:33
j Mt 27:11; Lu 23:3
k Mt 27:12
l Mt 26:62
m Mt 27:13; Joh 19:10
n Jes 53:7; Mt 27:14; Joh 19:9
o Mt 27:15; Lu 23:17; Joh 18:39
p Mt 27:16
q Mt 27:17; Lu 23:16
r Spr 27:4; Mt 21:38; Han 13:45
s Mt 27:18

**Tweede kol.**
a Mt 27:20; Han 3:14
b Ps 2:6; Jes 9:6; Jer 23:5
c Mt 27:22; Lu 23:20
d Lu 23:21; Joh 19:6
e Mt 27:23; Lu 23:22; Han 3:13; Han 13:28
f Spr 29:25
g Mt 27:26; Joh 19:1
h Mt 27:27
i Mt 27:28
j Mt 27:29; Joh 19:3
k Mt 27:30
l Mt 27:31; Joh 19:16
m Mt 27:32; Lu 23:26

Skedelplek beteken.[a] **23** Hier
het hulle hom wyn gemeng met
bedwelmende mirre probeer
gee,[b] maar hy wou dit nie neem
nie.[c] **24** En hulle het hom aan
die paal gehang en sy boklere
verdeel[d] deur die lot daaroor te
werp om te bepaal wat elkeen
sou neem.[e] **25** Dit was toe die
derde uur,[f] en hulle het hom
aan die paal gehang. **26** En
die opskrif van die aanklag[g]
teen hom het bo hom geskry-
we gestaan: "Die Koning van
die Jode."[h] **27** Saam met hom
het hulle ook twee rowers aan
pale gehang, een aan sy reg-
ter- en een aan sy linkerkant.[i]
**28** —— **29** En die verbygan-
gers het hom gesmaad,[j] hulle
kop geskud en gesê: "Ha! Jy wat
glo die tempel sou afbreek en
in drie dae sou opbou,[k] **30** red
jouself deur van die folterpaal
af te kom."[l] **31** Net so het
ook die hoofpriesters saam met
die skrifgeleerdes onder me-
kaar die spot gedryf en gesê:
"Ander het hy gered; homself
kan hy nie red nie![m] **32** Laat
die Christus, die Koning van Is-
rael, nou van die folterpaal af-
kom, sodat ons kan sien en
glo."[n] Selfs dié wat saam met
hom aan pale gehang is, het
hom gesmaad.[o]

**33** Toe dit die sesde uur
word, het daar 'n duisternis oor
die hele land gekom, tot die ne-
gende uur toe.[p] **34** En op die
negende uur het Jesus met 'n
harde stem uitgeroep: *"Eli, Eli,
lama sabagta'ni?"* wat, wan-
neer dit vertaal word, bete-
ken: "My God, my God, waar-
om het u my verlaat?"[q] **35** En
toe party van dié wat daar naby
gestaan het, dit hoor, het hulle
begin sê: "Kyk! Hy roep Eli'a."[r]
**36** Maar iemand het gehard-
loop, 'n spons met suur wyn
deurweek, dit op 'n riet gesit
en dit vir hom begin gee om
te drink[a] en gesê: "LAAT staan
hom! Laat ons sien of Eli'a hom
kom afhaal."[b] **37** Maar Jesus
het hard uitgeroep en die laaste
asem uitgeblaas.[c] **38** En die
voorhangsel[d] van die heiligdom
het van bo tot onder in twee ge-
skeur.[e] **39** En toe die leërof-
fisier, wat gestaan het waar hy
hom kon sien, sien dat hy on-
der hierdie omstandighede die
laaste asem uitgeblaas het, het
hy gesê: "Hierdie man was be-
slis God se Seun."[f]

**40** Daar was ook vroue wat
van 'n afstand toegekyk het,[g]
onder wie Maria Magdale'na so-
wel as Maria, die moeder van
Jakobus die Mindere en van Jo-
ses, en Salo'me,[h] **41** wat hom
gewoonlik vergesel[i] en bedien
het toe hy in Galile'a was, en
baie ander vroue wat saam met
hom na Jerusalem opgekom
het.[j]

**42** En aangesien dit reeds
laatmiddag was, en omdat dit
die Voorbereiding was, dit wil
sê die dag voor die sabbat,
**43** het Josef van Arimate'a, 'n
hooggeagte lid van die Raad,
wat self ook op die konink-
ryk van God gewag het, ge-
kom.[k] Hy het die moed byme-
kaargeskraap om na Pilatus in
te gaan en het die liggaam
van Jesus gevra.[l] **44** Maar Pi-
latus het gewonder of hy al
dood is, en hy het die leërof-
fisier ontbied en hom gevra of
hy al gesterf het. **45** Nadat hy
dan bevestiging van die leërof-
fisier gekry het, het hy die
lyk vir Josef gegee.[m] **46** En
hy het fyn linne gekoop en hom
afgehaal, hom in die fyn linne
toegedraai en hom in 'n graf[n]
neergelê[o] wat in 'n rots uitge-
kap was; en hy het 'n klip voor

**HFST. 15**
a Mt 27:33; Lu 23:33; Joh 19:17; Heb 13:12
b Ps 69:21
c Mt 27:34
d Ps 22:18
e Mt 27:35; Joh 19:23
f Mt 27:45; Lu 23:44; Joh 19:14
g Mt 27:29
h Mt 27:37; Lu 23:38; Joh 19:19
i Mt 27:38
j Ps 22:7; Ps 109:25; Jes 53:3
k Mt 27:40; Mr 14:58
l Lu 23:35
m Mt 27:41
n Mt 16:4; Mt 27:42; Ro 3:3
o Mt 27:44; 1Pe 2:23
p Mt 27:45; Lu 23:44
q Ps 22:1; Mt 27:46
r Mt 27:47

**Tweede kol.**
a Ps 69:21; Mt 27:48; Joh 19:29
b Mt 27:49
c Ps 31:5; Mt 27:50; Lu 23:46; Joh 19:30
d Eks 26:31; Heb 6:19; Heb 10:20
e Mt 27:51; Lu 23:45
f Mt 27:54; Lu 23:47
g Ps 38:11
h Mt 27:56
i Lu 8:2
j Lu 23:49
k Mt 27:57; Joh 19:38
l De 21:23
m Mt 27:58
n Han 13:29
o Jes 53:9; Mt 27:59

die deur van die gedenkgraf ge-
rol.[a] **47** Maar Maria Magdale′-
na en Maria, die moeder van
Joses, het bly kyk na waar hy
neergelê is.[b]

**16** En toe die sabbat[c] verby
was, het Maria Magdale′-
na[d] en Maria, die moeder van
Jakobus, en Salo′me speserye
gekoop om hom te kom salf.[e]
**2** En hulle het baie vroeg op die
eerste dag[f] van die week, na-
dat die son opgekom het, by
die gedenkgraf gekom.[g] **3** En
hulle het vir mekaar gesê: “Wie
sal vir ons die klip voor die
deur van die gedenkgraf weg-
rol?” **4** Maar toe hulle opkyk,
het hulle gesien dat die klip
weggerol is, hoewel dit baie
groot was.[h] **5** Toe hulle in die
gedenkgraf ingaan, het hulle
’n jong man, geklee in ’n lang
wit kleed, aan die regterkant
sien sit, en hulle was verstom.[i]
**6** Hy het vir hulle gesê: “Hou
op om so verstom te wees. Julle
soek Jesus die Nasarener, wat
aan die paal gehang is.[j] Hy is
opgewek,[k] hy is nie hier nie.
Kyk! Die plek waar hulle hom
neergelê het.[l] **7** Maar gaan sê
vir sy dissipels en Petrus: ‘Hy
gaan voor julle uit na Galile′a;[m]
daar sal julle hom sien, net
soos hy vir julle gesê het.’ ”[n]
**8** En toe hulle uitkom, het hul-
le van die gedenkgraf af weg-
gevlug, want bewing en sterk
emosie het hulle aangegryp.
En hulle het vir niemand enig-
iets vertel nie, want hulle het
gevrees.[o]

LANG SLOT

In party ou manuskripte (Codex Alexandrinus, Codex Ephraemi, Codex Bezae) en weergawes (Latynse *Vulgaat,* Cureton-Siriese, Siriese *Pesjitta*) is die volgende lang slot bygevoeg, maar in die Codex Sinaiticus, Codex Vaticanus, Sinaïties-Siriese kodeks en die Armeense vertaling is dit weggelaat:

**9** Nadat hy vroeg op die eerste
dag van die week opgestaan het, het
hy eers aan Maria Magdale′na ver-
skyn, uit wie hy sewe demone uit-
gedryf het. **10** Sy het vir dié wat
vroeër saam met hom was, gaan ver-
tel, aangesien hulle getreur en ge-
huil het. **11** Maar toe hulle hoor
dat hy lewend geword het en deur
haar gesien is, het hulle nie geglo
nie. **12** Daarbenewens het hy ná
hierdie dinge in ’n ander gedaante
aan twee van hulle verskyn terwyl
hulle op pad na die platteland ge-
loop het; **13** en hulle het terugge-
kom en vir die res vertel. Hulle het
dié ook nie geglo nie. **14** Maar la-
ter het hy aan die elf self verskyn
terwyl hulle aan tafel was, en hy het
hulle verwyt oor hulle gebrek aan
geloof en hardheid van hart, omdat
hulle nie dié geglo het wat hom ge-
sien het nadat hy uit die dode opge-
wek is nie. **15** En hy het vir hul-
le gesê: “Gaan die hele wêreld in
en verkondig die goeie nuus aan die
hele skepping. **16** Hy wat glo en
gedoop word, sal gered word, maar
hy wat nie glo nie, sal veroordeel
word. **17** Verder sal hierdie tekens
dié vergesel wat glo: hulle sal de-
mone uitdryf deur my naam te ge-
bruik, hulle sal in tale praat, **18** en
met hulle hande sal hulle slange op-
tel, en as hulle iets dodeliks drink,
sal dit hulle glad nie kwaad doen
nie. Hulle sal siekes die hande oplê,
en dié sal gesond word.”
**19** Nadat die Here Jesus met hul-
le gepraat het, is hy na die hemel
opgeneem en het hy aan die regter-
hand van God gaan sit. **20** En hul-
le het uitgegaan en oral gepreek ter-
wyl die Here saam met hulle gewerk
en die boodskap deur die gepaard-
gaande tekens bevestig het.

KORT SLOT

Party manuskripte en weergawes uit latere tye bevat die volgende kort slot ná Markus 16:8:

Maar al die dinge wat beveel is, het hulle kortliks vir dié om Petrus vertel. En ná hierdie dinge het Jesus self deur middel van hulle die heilige en onverderflike verkondiging van ewige redding van die ooste tot die weste uitgestuur.

HFST. 15
a Mt 27:60 Lu 23:53 Joh 19:40
b Mt 27:61 Lu 23:55

HFST. 16
c Eks 20:8
d Mt 28:1
e Mr 14:8 Lu 23:56
f Lu 24:1
g Joh 20:1
h Lu 24:2
i Lu 24:3 Joh 20:11
j Mt 28:5 Lu 24:4
k Mr 8:31 Lu 18:33 Han 4:10
l Mt 28:6
m Mt 26:32 Mt 28:7
n Mr 14:28
o Mt 28:8 Lu 24:9

VOLGENS

# LUKAS

1 Aangesien baie onderneem
het om ’n verslag saam te
stel van die feite[a] wat onder ons
ten volle geloofwaardig geag
word, 2 net soos dié wat van
die begin[b] af ooggetuies[c] en die-
naars van die boodskap[d] ge-
word het, dit aan ons oorgele-
wer het, 3 het ek, omdat ek
alles van die begin af noukeu-
rig nagespeur het, my ook voor-
geneem om dit in logiese volg-
orde[e] aan u te skryf, hoogedele[f]
Teo′filus,[g] 4 sodat u ten volle
kan weet hoe seker die dinge is
wat u mondeling geleer is.[h]

5 In die dae van Herodes,[i]
koning van Jude′a, was daar ’n
sekere priester met die naam
Sagari′a, uit die afdeling van
Abi′a,[j] en hy het ’n vrou uit
die dogters van Aäron gehad,[k]
en haar naam was Elisabet.
6 Hulle was albei regverdig[l]
voor God omdat hulle onberis-
pelik[m] gewandel het in ooreen-
stemming met al die gebooie[n]
en wetlike[o] vereistes van Jeho-
vah.[p] 7 Maar hulle het geen
kind gehad nie, want Elisabet
was onvrugbaar,[q] en hulle was
albei op ver gevorderde leeftyd.

8 En terwyl hy in die toewy-
sing van sy afdeling[r] as priester
voor God opgetree het, 9 het
hy volgens die plegtige gebruik
van die priesteramp aan die
beurt gekom om reukwerk te
offer[s] toe hy in die heiligdom
van Jehovah ingegaan het;[t]
10 en die hele volksmenigte
het op die uur van die reukof-
fer buite gebid.[u] 11 Aan hom
het Jehovah se engel verskyn,
wat aan die regterkant van
die reukaltaar gestaan het.[v]
12 Maar Sagari′a het veront-
rus geword toe hy hom sien,
en vrees het op hom geval.[a]
13 Die engel het egter vir hom
gesê: “Moenie vrees nie, Saga-
ri′a, want jou smeking is ver-
hoor,[b] en jou vrou Elisabet
sal vir jou die moeder van ’n
seun word, en jy moet hom Jo-
hannes noem.[c] 14 En jy sal
vreugde en groot blydskap hê,
en baie sal bly wees oor sy ge-
boorte;[d] 15 want hy sal groot
wees voor Jehovah.[e] Maar hy
moet hoegenaamd geen wyn en
sterk drank drink nie,[f] en reeds
van die skoot van sy moeder
af sal hy met heilige gees ver-
vul wees;[g] 16 en hy sal baie
van die kinders van Israel tot
Jehovah hulle God terugbring.[h]
17 Ook sal hy voor hom uit
gaan met Eli′a[i] se gees en krag,
om die harte van vaders tot
kinders terug te bring[j] en die
ongehoorsames tot die prak-
tiese wysheid van regverdiges,
om vir Jehovah[k] ’n voorbereide
volk gereed te maak.”[l]

18 En Sagari′a het vir die
engel gesê: “Hoe kan ek hier-
van seker wees? Want ek is
bejaard[m] en my vrou is op ver
gevorderde leeftyd.” 19 Die
engel het geantwoord en vir
hom gesê: “Ek is Ga′briël,[n] wat
naby staan voor God, en ek is
uitgestuur om met jou te praat[o]
en die goeie nuus van hier-
die dinge aan jou bekend te
maak. 20 Maar kyk! jy sal stil
wees[p] en nie kan praat nie tot
die dag dat hierdie dinge plaas-
vind, omdat jy my woorde, wat
op hulle vasgestelde tyd ver-
vul sal word, nie geglo het nie.”

**HFST. 1**

a Joh 20:31
b Mr 1:1; 1Jo 1:1
c Joh 15:27; 1Pe 5:1; 2Pe 1:16
d Han 6:4; Heb 2:3
e 1Ko 14:40
f Han 24:3
g Han 1:1
h Joh 20:31; Han 18:25; Ga 6:6
i Mt 2:1
j 1Kr 24:10
k Le 21:14
l Ge 7:1; Flp 3:6
m Job 1:1
n 1Kn 9:4; 2Kn 20:3; Ps 119:6
o Heb 9:10
p Le 18:5; Le 20:8; Ps 119:1
q Ge 18:11
r 1Kr 24:19; 2Kr 8:14; 2Kr 31:2
s Eks 30:7
t Eks 40:5
u Op 8:3
v Han 10:3

**Tweede kol.**

a Rig 6:22; Da 10:8; Han 10:4; Op 1:17
b Da 10:12
c Ge 17:19; Lu 1:60
d Lu 1:58
e Lu 7:28
f Nu 6:3; Rig 13:4; Mt 11:18
g Jer 1:5; Ro 9:11; Ga 1:15
h Mal 4:6
i Mt 11:14; Mt 17:10
j Mal 4:6
k Jes 40:3
l 1Sa 7:3; Mal 3:1
m Ge 17:17; Ge 18:11; Ro 4:19
n Da 8:16; Da 9:21; Heb 1:14
o Lu 1:26
p Ese 3:26; Ese 24:27

**21** Intussen het die volk steeds
vir Sagari′a gewag,[a] en hul-
le het hulle daaroor begin ver-
wonder dat hy so lank in die
heiligdom bly. **22** Maar toe hy
uitkom, kon hy nie met hulle
praat nie, en hulle het agterge-
kom dat hy pas ’n bonatuurlike[b]
gesig in die heiligdom gesien
het; en hy het aanhoudend vir
hulle beduie, maar stom gebly.
**23** En toe die dae van sy open-
bare diens vervul is,[c] het hy na
sy huis gegaan.

**24** Maar ná hierdie dae het
sy vrou Elisabet swanger ge-
word;[d] en sy het haar vyf maan-
de afgesonderd gehou en gesê:
**25** “Dit is hoe Jehovah met my
gehandel het in hierdie dae
waarin hy sy aandag aan my ge-
skenk het om my smaad onder
die mense weg te neem.”[e]

**26** In haar sesde maand is
die engel Ga′briël[f] van God af
na ’n stad van Galile′a met die
naam Na′saret gestuur, **27** na
’n maagd wat in die huwelik be-
loof was aan ’n man met die
naam Josef, uit die huis
van Dawid; en die naam van die
maagd[g] was Maria.[h] **28** En
toe hy tot voor haar ingaan,
het hy gesê: “Goeiedag,[i] hoog-
begunstigde, Jehovah[j] is met
jou.”[k] **29** Maar sy was diep
verontrus oor die woord en
het begin wonder watter soort
groet dit kon wees. **30** Toe
het die engel vir haar gesê:
“Moenie vrees nie, Maria, want
jy het guns[l] by God gevind;
**31** en kyk! jy sal in jou moe-
derskoot ontvang en aan ’n
seun geboorte gee,[m] en jy moet
hom Jesus[n] noem. **32** Hy sal
groot wees[o] en die Seun van die
Allerhoogste genoem word;[p]
en Jehovah God sal hom die
troon[q] van sy vader Dawid gee,[r]
**33** en hy sal vir ewig as koning
oor die huis van Jakob heers, en
daar sal geen einde aan sy ko-
ninkryk wees nie.”[a]

**34** Maar Maria het vir die
engel gesê: “Hoe sal dit gebeur,
aangesien ek geen gemeen-
skap[b] met ’n man het nie?”
**35** Die engel het geantwoord
en vir haar gesê: “Heilige gees[c]
sal oor jou kom, en krag van
die Allerhoogste sal jou oorska-
du. Daarom sal ook wat gebore
word, heilig,[d] God se Seun,[e] ge-
noem word. **36** En kyk! Elisa-
bet, jou familielid, het self ook
op haar oudag ’n seun ontvang,
en dit is die sesde maand vir
haar, die sogenaamd onvrugba-
re vrou;[f] **37** want by God sal
geen verklaring ’n onmoontlik-
heid wees nie.”[g] **38** Toe het
Maria gesê: “Kyk! Jehovah se
slavin![h] Mag dit met my gebeur
volgens u verklaring.” Daarop
het die engel van haar af weg-
gegaan.

**39** Toe het Maria in hierdie
dae opgestaan en haastig na
die bergland gegaan, na ’n stad
van Juda, **40** en sy het in
die huis van Sagari′a ingegaan
en Elisabet gegroet. **41** Wel,
toe Elisabet die groet van Ma-
ria hoor, het die kindjie in
haar moederskoot gespring;
en Elisabet is met heilige gees
vervul, **42** en sy het met ’n
harde roep uitgeroep en ge-
sê: “Geseënd is jy onder die
vroue, en geseënd[i] is die vrug
van jou moederskoot! **43** Hoe
is dit dan dat hierdie voorreg
my te beurt val, dat die moe-
der van my Here[j] na my toe
kom? **44** Want kyk! toe die
geluid van jou groet in my ore
klink, het die kindjie in my
moederskoot met groot blyd-
skap gespring.[k] **45** Gelukkig
ook is sy wat geglo het, want
dié dinge wat van Jehovah af

**HFST. 1**
a Nu 6:23
b 2Ko 12:1
c 1Kr 9:25
d Mt 1:18
e Ge 30:23; 1Sa 1:11
f Da 8:16; Lu 1:19
g Jes 7:14
h Mt 1:18; Lu 2:5
i Mt 26:49; Mr 15:18; Joh 19:3
j Jer 1:19
k Rig 5:24
l Spr 12:2
m Ge 16:11; Rig 13:3; Ga 4:4
n Mt 1:21; Lu 2:21
o Flp 2:10; 1Ti 6:15
p Mt 27:54; Joh 1:49
q 2Sa 7:12; Ps 132:11; Jes 9:7; Jer 23:5
r Jes 11:1; Jes 11:10; Mt 1:1

**Tweede kol.**
a Da 2:44; Da 7:14; Heb 1:8
b Jes 7:14; Mt 1:25
c Mt 1:18; Mt 1:20
d Joh 6:69; Joh 10:36
e Mt 14:33; Joh 1:34; Joh 20:31; Ro 1:4
f Ge 11:30; Ps 113:9
g Ge 18:14; Ps 115:3; Jer 32:17; Sag 8:6; Mt 19:26
h 1Sa 1:11
i De 28:4; Lu 11:27
j Mt 3:11
k Joh 3:29

aan haar gesê is, sal volbring
word.”[a]

**46** En Maria het gesê: “My
siel maak Jehovah groot,[b]
**47** en my gees kan nie an-
ders nie as om oor te loop van
vreugde[c] teenoor God, my Red-
der;[d] **48** omdat hy die nederi-
ge posisie van sy slavin aan-
skou het.[e] Want kyk! van nou
af sal alle geslagte my geluk-
kig noem;[f] **49** omdat die Mag-
tige groot dade vir my ge-
doen het, en heilig is sy naam;[g]
**50** en sy barmhartigheid rus
van geslag tot geslag op dié wat
hom vrees.[h] **51** Hy het mag-
tige dade met sy arm verrig,[i]
hy het dié verstrooi wat hoog-
moedig is in die bedoeling van
hulle hart.[j] **52** Hy het mag-
hebbers van trone afgestoot[k]
en geringes verhef;[l] **53** hy het
dié wat honger is, volkome ver-
sadig met goeie dinge[m] en hy
het dié wat rykdom gehad het,
met leë hande weggestuur.[n]
**54** Hy het sy kneg Israel te
hulp gekom,[o] om aan barmhar-
tigheid te dink,[p] **55** net soos
hy vir ons voorvaders gesê het,
vir Abraham en vir sy saad,
tot in ewigheid.”[q] **56** Toe het
Maria omtrent drie maande by
haar gebly, en sy het na haar eie
huis teruggekeer.

**57** Die tyd het toe aange-
breek dat Elisabet geboorte
moes gee, en sy het die moeder
van ’n seun geword. **58** En
die bure en haar familielede het
gehoor dat Jehovah sy barm-
hartigheid teenoor haar groot
gemaak het,[r] en hulle het saam
met haar bly geword.[s] **59** En
op die agtste dag het hulle ge-
kom om die jong kindjie te be-
sny,[t] en hulle wou hom Sagari′a
noem, na die naam van sy va-
der. **60** Maar sy moeder het
geantwoord en gesê: “Nee, be-
slis nie! maar hy moet Johannes
genoem word.” **61** Hierop het
hulle vir haar gesê: “Daar is nie-
mand onder jou familielede wat
hierdie naam het nie.” **62** Toe
het hulle sy vader deur geba-
re gevra hoe hy wou hê dat hy
genoem moet word. **63** En hy
het ’n skryfbordjie gevra en ge-
skryf: “Johannes[a] is sy naam.”
Hieroor was hulle almal ver-
wonderd. **64** Oombliklik is sy
mond geopen[b] en sy tong los-
gemaak, en hy het begin praat
en God geloof. **65** En vrees
het op almal geval wat in hul-
le omgewing gewoon het; en al
hierdie dinge is toe in die hele
bergland van Jude′a rondvertel,
**66** en almal wat dit gehoor het,
het in hulle hart daarvan ken-
nis geneem[c] en gesê: “Wat sal
hierdie jong kindjie tog wees?”
Want die hand[d] van Jehovah
was inderdaad met hom.

**67** En sy vader Sagari′a is
met heilige gees vervul,[e] en
hy het geprofeteer[f] en gesê:
**68** “Mag Jehovah, die God van
Israel, geloof word,[g] want hy
het sy aandag op sy volk[h] gerig
en vir hulle verlossing bewerk.[i]
**69** En hy het ’n horing[j] van
redding vir ons verwek in die
huis van sy kneg Dawid,
**70** net soos hy, deur die mond
van sy heilige profete van die
ou tyd,[k] gespreek het **71** van
redding van ons vyande en uit
die hand van almal wat ons
haat;[l] **72** om barmhartigheid
in verband met ons voorvaders
te bewys en om aan sy heilige
verbond te dink,[m] **73** die eed
wat hy aan Abraham, ons voor-
vader, gesweer het,[n] **74** om
ons, nadat ons uit die hande van
vyande gered is,[o] die voorreg te
gee om onbevrees heilige diens
aan hom te verrig[p] **75** met lo-

**HFST. 1**

a Ge 18:14, Ge 21:1, Heb 11:11
b 1Sa 2:1, Ps 34:2
c Hab 3:18
d 2Sa 22:3, Jes 43:3, Tit 1:3, Jud 25
e 1Sa 1:11, Ps 138:6
f Lu 11:27
g Ps 71:19, Ps 111:9, Jes 57:15
h Eks 20:6, Ps 103:17
i Ps 89:10, Jes 40:10, Jes 52:10
j 2Sa 22:28, Da 4:37, 1Pe 5:5
k Job 12:19, Jes 22:19, Jes 40:23
l 1Sa 2:6
m 1Sa 2:5, Ps 34:10, Ps 107:9
n Jes 65:13
o Jes 44:21
p Ps 98:3, Jes 41:8, Jer 31:3
q Ge 17:19, Mi 7:20, Ga 3:16
r Ps 113:9, Ps 116:5
s Lu 1:14, Ro 12:15
t Ge 17:12, Le 12:3, Flp 3:5

**Tweede kol.**

a Lu 1:13
b Lu 1:20
c Lu 2:19
d Ge 39:2, Ps 80:17
e Nu 11:25, 2Sa 23:2
f 2Pe 1:21
g 1Kn 1:48, Ps 41:13, Ps 72:18, Ps 106:48
h De 7:6, Ps 135:4
i Ps 111:9, Lu 7:16
j 1Sa 2:10, Ps 132:17
k Jer 23:5, Da 9:24
l Ps 106:10
m Ge 17:7, Le 26:42, De 4:31, De 7:12, Ps 105:8, Ps 106:45
n Ge 22:16, Mi 7:20, Heb 6:13
o Jer 30:8, Ro 6:22
p Jer 30:9, Heb 9:14

jaliteit en regverdigheid voor
hom al ons dae.[a] **76** Maar wat
jou betref, jong kindjie, jy sal
'n profeet van die Allerhoogste
genoem word, want jy sal voor
Jehovah uit gaan om sy weë ge-
reed te maak,[b] **77** om aan sy
volk kennis te gee van redding
deur vergifnis van hulle son-
des,[c] **78** weens die tere mede-
lye van ons God. Met hierdie
medelye sal 'n dagbreek[d] ons uit
die hoogte besoek,[e] **79** om lig
te gee aan dié wat in duisternis
en doodskaduwee sit,[f] om ons
voete voorspoedig te rig op die
weg van vrede."

**80** En die jong kindjie het
gegroei[g] en sterk geword in die
gees, en hy het in die woesty-
ne gebly tot die dag dat hy hom
openlik aan Israel vertoon het.

**2** En in daardie dae het 'n ver-
ordening[h] van keiser Au-
gustus uitgegaan dat die hele
bewoonde aarde geregistreer
moet word **2** (hierdie eerste
registrasie het plaasgevind toe
Quiri′nius goewerneur van Si-
rië was); **3** en al die mense het
op reis gegaan om geregistreer
te word,[i] elkeen na sy eie stad.
**4** Josef het natuurlik ook van
Galile′a af opgegaan, uit die
stad Na′saret, na Jude′a, na die
stad van Dawid, wat Betlehem[j]
genoem word, omdat hy 'n lid
van die huis en familie van Da-
wid was,[k] **5** om geregistreer
te word saam met Maria,[l] wat
soos beloof is, aan hom in die
huwelik gegee is[m] en toe ver ge-
vorderd in swangerskap was.[n]
**6** Terwyl hulle daar was, is
die dae vervul dat sy geboor-
te moes gee. **7** En sy het ge-
boorte gegee aan haar seun, die
eersgeborene,[o] en sy het hom
met doeke toegedraai en hom
in 'n krip neergelê,[p] want daar
was geen plek vir hulle in die
gastekamer nie.

**8** Daar was ook in daardie
selfde landstreek herders wat
in die oop veld gebly en
in die nag oor hulle kuddes
wag gehou het. **9** En skielik
het Jehovah se engel[a] by hulle
gestaan, en Jehovah se heerlik-
heid[b] het rondom hulle geglim,
en hulle het baie bevrees ge-
word. **10** Maar die engel het
vir hulle gesê: "Moenie vrees
nie, want kyk! ek maak aan jul-
le goeie nuus bekend van groot
vreugde wat die hele volk sal
hê,[c] **11** want daar is vandag
vir julle in die stad van Dawid[d]
'n Redder[e] gebore, wat Christus
die Here is.[f] **12** En dít is vir
julle 'n teken: Julle sal 'n kind-
jie vind wat in doeke toegedraai
is en in 'n krip lê." **13** En skie-
lik was daar saam met die en-
gel 'n menigte van die hemelse
leër,[g] wat God geloof[h] en gesê
het: **14** "Heerlikheid aan God
in die hoogtes[i] daar bo, en op
aarde vrede[j] onder mense van
welwillendheid."[k]

**15** En toe die engele van hul-
le af na die hemel weggegaan
het, het die herders vir me-
kaar begin sê: "Laat ons dan
tot in Betlehem gaan en hierdie
ding sien wat plaasgevind het,
wat Jehovah[l] aan ons bekend
gemaak het." **16** En hulle het
hulle gehaas en Maria sowel
as Josef gevind, en die kind-
jie wat in die krip lê. **17** Toe
hulle hom sien, het hulle die
woord bekend gemaak wat oor
die jong kindjie tot hulle ge-
spreek is. **18** En almal wat dit
gehoor het, was verwonderd
oor wat deur die herders aan
hulle vertel is, **19** maar Maria
het al hierdie woorde begin be-
waar, terwyl sy in haar hart
gevolgtrekkings gemaak het.[m]

**HFST. 1**
a Ga 4:4
b Jes 40:3, Mal 3:1, Mt 3:3
c Mr 1:4
d Ps 97:11
e Jes 11:1
f Ps 107:10, Jes 9:2, Jes 49:9, Jes 59:9, Mt 4:16, Han 26:18
g Lu 2:40

**HFST. 2**
h Da 11:20
i Ro 13:1
j 1Sa 16:1, Mi 5:2, Mt 2:6
k Mt 1:16
l Lu 1:27
m Mt 1:25, Lu 1:27
n Mt 1:18
o Mt 1:25
p Jes 53:2

**Tweede kol.**
a Heb 1:14
b Le 9:6
c Ge 12:3, Han 13:48
d 1Sa 20:6
e Jes 9:6, Jes 19:20
f Han 2:36, Flp 2:11
g Ps 103:21
h Ge 28:12, Da 7:10, Heb 1:14, Op 5:11
i Ps 148:1, Mr 11:10
j Jes 57:19, Kol 1:20
k Ps 30:5, Jes 61:2, Lu 19:38
l Ps 111:2
m Ge 37:11, Lu 1:66, Lu 2:51

**20** Toe het die herders terugge-
gaan, en hulle het God verheer-
lik en geloof oor alles wat hulle
gehoor en gesien het, net soos
dit aan hulle vertel is.
**21** En toe agt dae[a] vervul is
dat hy besny[b] moes word, is hy
ook die naam Jesus[c] gegee, die
naam wat deur die engel ge-
noem is voordat hy in die moe-
derskoot ontvang is.[d]
**22** En toe die dae van hul-
le reiniging[e] volgens die wet
van Moses vervul is, het hul-
le hom na Jerusalem opgebring
om hom voor Jehovah te stel,
**23** net soos daar in Jehovah se
wet geskrywe staan: "Alles wat
manlik is en 'n moederskoot
open, moet heilig vir Jehovah
genoem word",[f] **24** en om 'n
offerande te bring volgens wat
in die wet van Jehovah gesê
word: "'n Paar tortelduiwe of
twee jong duiwe."[g]
**25** En kyk! daar was 'n man
in Jerusalem met die naam Si′-
meon, en hierdie man was reg-
verdig en godvresend en het
gewag op Israel se vertroos-
ting,[h] en heilige gees was op
hom. **26** Daarbenewens is dit
van God deur die heilige gees
aan hom geopenbaar dat hy die
dood nie sou sien voordat hy
die Christus[i] van Jehovah ge-
sien het nie. **27** En onder die
krag van die gees[j] het hy in
die tempel ingekom; en toe die
ouers die jong kindjie Jesus in-
bring om vir hom volgens die al-
gemene gebruik van die wet
te doen,[k] **28** het hy hom in
sy arms geneem en God geloof
en gesê: **29** "Nou laat u, Soe-
wereine Heer, u slaaf in vre-
de gaan[l] volgens u verklaring;
**30** want my oë het u middel
tot redding gesien[m] **31** wat u
voor die oë van al die volke
gereedgemaak het,[n] **32** 'n lig[o]
om die sluier[a] te verwyder van
die nasies[b] en 'n heerlikheid
van u volk Israel." **33** En sy
vader en moeder het hulle bly
verwonder oor die dinge wat
van hom gesê word. **34** Ook
het Si′meon hulle geseën, maar
vir sy moeder Maria gesê: "Kyk!
Hy is bestem tot die val[c] en die
heropstanding van baie in Is-
rael[d] en tot 'n teken wat weer-
spreek sal word[e] **35** (ja, jou
siel sal met 'n lang swaard deur-
boor word),[f] sodat die redena-
sies van baie harte blootgelê
kan word."[g]
**36** En daar was Anna, 'n pro-
fetes, Fa′nuel se dogter, uit die
stam Aser (hierdie vrou was op
ver gevorderde leeftyd en het
van haar maagdom af sewe jaar
lank met 'n eggenoot saamge-
lewe, **37** en sy was toe 'n we-
duwee[h] van vier-en-tagtig jaar),
wat nooit van die tempel afwe-
sig was nie en nag en dag[i] met
vaste en smekinge heilige diens
verrig het. **38** En in daardie
selfde uur het sy nader gekom
en begin om dank aan God te
betuig en met almal wat op
Jerusalem se verlossing gewag
het,[j] oor die kind te praat.
**39** En toe hulle alles volgens
die wet[k] van Jehovah nagekom
het, het hulle teruggegaan na
Galile′a, na hulle eie stad, Na′-
saret.[l] **40** En die jong kindjie
het gegroei en sterk geword[m]
en is met wysheid vervul, en
God se guns[n] het op hom gebly.
**41** En sy ouers was gewoond
om van jaar tot jaar vir die pas-
gafees na Jerusalem te gaan.[o]
**42** En toe hy twaalf jaar
oud geword het, het hulle vol-
gens die feesgebruik[p] opgegaan
**43** en die dae voltooi. Maar toe
hulle terugkeer, het die seun
Jesus in Jerusalem agtergebly,
en sy ouers het dit nie opge-

**HFST. 2**
a Ge 17:12, Le 12:3, Ga 4:4
b Ge 17:10
c Mt 1:21
d Lu 1:31
e Le 12:2
f Eks 13:2, Eks 22:29, Eks 34:19, Nu 3:13, Nu 8:17
g Le 1:14, Le 5:7, Le 12:8
h Ps 119:166, Jes 40:1, Jes 49:13
i Lu 9:20
j Han 8:29
k Le 12:6
l Ge 46:30, Jes 57:2
m Jes 52:10, Lu 3:6, Han 4:12
n Jes 40:5, Jes 42:1
o Jes 9:2, Jes 60:1, Mt 4:16

**Tweede kol.**
a Jes 25:7
b Jes 11:10, Jes 42:6, Jes 49:6, Han 13:47, Han 26:23
c Jes 53:10
d Jes 8:14, Ho 14:9, 1Ko 1:23, 1Pe 2:8
e Han 28:22, 1Pe 2:12
f Joh 19:25
g 1Ko 11:19
h 1Ti 5:5
i Han 26:7
j Jes 52:9, Klg 3:26, Mr 15:43, Lu 2:25
k Le 12:6
l Mt 2:23, Lu 1:26
m Lu 1:80, Lu 2:52
n Jes 11:2
o Eks 23:14, De 16:16
p Eks 34:23

merk nie. **44** In die veronder-
stelling dat hy onder die reisge-
selskap is, het hulle ’n dagreis
ver[a] gegaan en hom toe on-
der die familielede en beken-
des begin soek. **45** Maar toe
hulle hom nie vind nie, het
hulle na Jerusalem terugge-
keer en naarstig na hom ge-
soek. **46** Wel, ná drie dae het
hulle hom in die tempel ge-
vind,[b] waar hy tussen die leer-
meesters gesit en na hulle ge-
luister en hulle uitgevra het.
**47** Maar almal wat na hom ge-
luister het, was die hele tyd
verbaas oor sy begrip en sy
antwoorde.[c] **48** En toe hulle
hom sien, was hulle verstom,
en sy moeder het vir hom ge-
sê: “Kind, waarom het jy so met
ons gemaak? Kyk, jou vader en
ek het met angs na jou gesoek.”
**49** Maar hy het vir hulle ge-
sê: “Waarom moes julle na my
gaan soek? Het julle nie geweet
dat ek in die huis van my Vader
moet wees nie?”[d] **50** Hulle het
egter nie die woord begryp wat
hy tot hulle gespreek het nie.[e]

**51** En hy het saam met hul-
le afgegaan en in Na′saret ge-
kom, en hy het aan hulle onder-
danig gebly.[f] Ook het sy moeder
al hierdie woorde sorgvuldig in
haar hart bewaar.[g] **52** En Je-
sus het deurentyd toegeneem
in wysheid[h] en in grootte en in
guns by God en die mense.[i]

**3** In die vyftiende regerings-
jaar van keiser Tibe′rius,
toe Pontius Pilatus goewerneur
van Jude′a was, en Herodes[j] dis-
triksheerser van Galile′a, maar
sy broer Filippus distriksheer-
ser van die land Iture′a en Tra-
goni′tis, en Lisa′nias distriks-
heerser van Abile′ne, **2** in die
dae van hoofpriester Annas en
van Ka′jafas,[k] het God se ver-
klaring in die wildernis[a] tot Jo-
hannes,[b] die seun van Sagari′a,
gekom.

**3** En hy het in die hele om-
gewing van die Jordaan gekom
en doop as ’n simbool van berou
tot vergifnis van sondes[c] ver-
kondig, **4** net soos daar ge-
skrywe staan in die boek van
die woorde van die profeet Je-
saja: “Luister! Iemand roep in
die wildernis uit: ‘BEREI die weg
van Jehovah, maak sy paaie
reguit.[d] **5** Elke kloof moet op-
gevul word, en elke berg en
heuwel moet gelykgemaak
word, en die draaie moet reg-
uit weë word en die ruwe plek-
ke gelyk weë;[e] **6** en alle vlees
sal God se middel tot redding
sien.’ ”[f]

**7** Daarom het hy vir die ska-
re wat uitgekom het om deur
hom gedoop te word, begin sê:
“Addergebroedsel,[g] wie het jul-
le te kenne gegee dat julle
vir die komende gramskap kan
vlug?[h] **8** Bring dan vrugte
voort wat by berou pas.[i] En
moenie by julleself begin sê:
‘Ons het Abraham as vader’
nie. Want ek sê vir julle dat
God mag het om uit hierdie
klippe kinders vir Abraham te
verwek. **9** Ja, die byl lê reeds
gereed teen die wortel van die
bome; elke boom dan wat nie
goeie vrugte voortbring nie,
gaan afgekap en in die vuur ge-
gooi word.”[j]

**10** En die skare het hom ge-
vra: “Wat moet ons dan doen?”[k]
**11** Hy het geantwoord en vir
hulle gesê: “Laat die man wat
twee onderkledingstukke het,
dit deel met die man wat nie
het nie, en laat hy wat iets
het om te eet, dieselfde doen.”[l]
**12** Maar selfs belastinggaar-
ders het gekom om gedoop te

**HFST. 2**
a 1Kn 19:4
b Mt 26:55
c Ps 119:99; Mt 7:28; Mr 1:22; Joh 7:15
d Ps 26:8; Ps 27:4; Spr 20:11; Joh 2:16
e Lu 9:45; Lu 18:34
f Eks 20:12; De 5:16; Ef 6:1; Kol 3:20
g Ge 37:11; Da 7:28; Lu 2:19
h Spr 2:2; Spr 2:5; Jes 11:2
i Spr 3:4

**HFST. 3**
j Mt 14:1; Lu 23:7
k Mt 26:57; Joh 18:13; Joh 18:24; Han 4:6

**Tweede kol.**
a Lu 1:80
b Joh 1:6
c Mt 3:1; Mr 1:4; Lu 1:77; Han 13:24
d Jes 40:3; Mt 3:3; Mr 1:3
e Jes 40:4
f Ps 98:2; Jes 40:5; Jes 52:10; Lu 2:30; Han 28:28
g Jes 59:5
h Mt 3:7; Mt 23:33
i Mt 3:8; Han 26:20
j Mt 3:10; Mt 7:19; Joh 15:6
k Han 2:37; Han 16:30
l Han 10:2; 2Ko 8:14; 1Ti 6:18; Jak 2:15; 1Jo 3:17

word, en hulle het vir hom ge-
sê: “Leermeester, wat moet ons
doen?”[a] 13 Hy het vir hulle
gesê: “Moet niks meer as die be-
lastingtarief eis nie.”[b] 14 Ook
het dié wat krygsdiens gedoen
het, hom gevra: “En wat moet
óns doen?” En hy het vir hul-
le gesê: “Moet niemand intimi-
deer of vals beskuldig nie,[c]
maar wees vergenoeg met wat
julle vir julle onderhoud ont-
vang.”[d]
15 En terwyl die volk in af-
wagting verkeer het en almal
in hulle harte oor Johannes ge-
redeneer het: “Is hy miskien
die Christus?”[e] 16 het Johan-
nes die antwoord gegee deur
vir almal te sê: “Ek doop jul-
le wel met water; maar die een
wat sterker is as ek, kom, en ek
is nie werd om die riem van sy
sandale los te maak nie.[f] Hy sal
julle met heilige gees en vuur
doop.[g] 17 Sy wanskop is in sy
hand om sy dorsvloer heelte-
mal skoon te maak en om die
koring in sy voorraadskuur te
versamel,[h] maar die kaf[i] sal
hy met onblusbare vuur ver-
brand.”[j]
18 Hy het dan ook baie an-
der vermanings gegee en aange-
hou om goeie nuus aan die volk
bekend te maak. 19 Maar He-
rodes, die distriksheerser, wat
deur hom tereggewys is oor He-
ro′dias, die vrou van sy broer,
en oor al die goddelose dade wat
Herodes gedoen het,[k] 20 het
ook dít by al daardie dade ge-
voeg: hy het Johannes in die ge-
vangenis opgesluit.[l]
21 En toe al die mense ge-
doop is, is ook Jesus[m] gedoop,
en terwyl hy gebid het, is die
hemel[n] geopen 22 en het die
heilige gees in liggaamlike ge-
daante soos ’n duif op hom
neergedaal, en ’n stem het uit
die hemel gekom: “Jy is my
Seun, die geliefde; ek het jou
goedgekeur.”[a]
23 En Jesus was omtrent
dertig[b] jaar oud toe hy met sy
werk begin het,[c] en hy was,
soos daar gemeen is, die seun[d]

van Josef,[e]
die seun van Heli,
24 die seun van Mattat,
die seun van Levi,
die seun van Melgi,
die seun van Jannai,
die seun van Josef,
25 die seun van Mattati′as,
die seun van Amos,
die seun van Nahum,
die seun van Esli,
die seun van Naggai,
26 die seun van Maät,
die seun van Mattati′as,
die seun van Se′meïn,
die seun van Joseg,
die seun van Joda,
27 die seun van Jo′anan,
die seun van Resa,
die seun van Serubba′bel,[f]
die seun van Seal′tiël,[g]
die seun van Neri,
28 die seun van Melgi,
die seun van Addi,
die seun van Kosam,
die seun van Elma′dam,
die seun van Er,
29 die seun van Jesus,
die seun van Eliëser,
die seun van Jorim,
die seun van Mattat,
die seun van Levi,
30 die seun van Si′meon,
die seun van Judas,
die seun van Josef,
die seun van Jonam,
die seun van El′jakim,
31 die seun van Mele′a,
die seun van Menna,
die seun van Mat′tata,
die seun van Natan,[h]
die seun van Dawid,[i]
32 die seun van Isai,[j]
die seun van Obed,[k]

HFST. 3
a Mt 21:32 Lu 7:29
b Lu 19:8 1Ko 6:10
c Eks 23:1 Eks 23:7 Le 19:11 Spr 6:19
d 1Ti 6:8
e Joh 1:25
f Mr 1:7 Han 13:25
g Mt 3:11 Mr 1:8 Han 2:4
h Mi 4:12
i Ps 1:4
j Mt 13:30
k Mt 14:3
l Mr 6:17
m Mt 3:13 Mr 1:9
n Mt 3:16 Mr 1:10

Tweede kol.
a Ps 2:7 Mt 3:17 Mr 1:11 Joh 1:32 2Pe 1:17
b Nu 4:3
c Han 10:38
d Mt 13:55
e Mt 1:16 Lu 1:35 Lu 4:22 Joh 6:42
f Esr 3:2
g 1Kr 3:17 Mt 1:12
h 2Sa 5:14
i 1Sa 16:13 1Kr 3:5 Mt 1:6
j 1Sa 17:58 Jes 11:1 Mt 1:6
k Rut 4:17

die seun van Boas,[a]
die seun van Salmon,[b]
die seun van Nagson,[c]
33 die seun van Ammina′dab,[d]
die seun van Arni,[e]
die seun van Hesron,[f]
die seun van Peres,[g]
die seun van Juda,[h]
34 die seun van Jakob,[i]
die seun van Isak,[j]
die seun van Abraham,[k]
die seun van Tera,[l]
die seun van Nahor,[m]
35 die seun van Serug,[n]
die seun van Rehu,[o]
die seun van Peleg,[p]
die seun van Eber,[q]
die seun van Selag,[r]
36 die seun van Kainan,
die seun van Arpag′sad,[s]
die seun van Sem,[t]
die seun van Noag,[u]
die seun van Lameg,[v]
37 die seun van Metu′salag,[w]
die seun van Henog,[x]
die seun van Jared,[y]
die seun van Mahala′leël,[z]
die seun van Kainan,[a]
38 die seun van Enos,[b]
die seun van Set,[c]
die seun van Adam,[d]
die seun van God.

4 En Jesus het vol heilige
gees van die Jordaan af
weggegaan, en hy is deur die
gees in die wildernis rondgelei,[e]
2 veertig dae[f] lank, terwyl hy
deur die Duiwel versoek is.[g] En
hy het in daardie dae niks ge-
eet nie, sodat hy honger was toe
hulle tot ’n einde gekom het.
3 Toe het die Duiwel vir hom
gesê: “As jy ’n seun van God is,
sê vir hierdie klip om ’n brood
te word.” 4 Maar Jesus het
hom geantwoord: “Daar staan
geskrywe: ‘Die mens sal nie van
brood alleen lewe nie.’ ”[h]
5 Toe het hy hom omhoog
gebring en hom in ’n oomblik se
tyd al die koninkryke van die
bewoonde aarde gewys; 6 en
die Duiwel het vir hom gesê:
“Ek sal jou al hierdie gesag[a] en
hulle heerlikheid gee, want dit
is aan my oorgegee, en ek gee
dit aan wie ek wil.[b] 7 As jy
dan ’n daad[c] van aanbidding
voor my verrig, sal dit alles jou-
ne wees.” 8 Jesus het geant-
woord en vir hom gesê: “Daar
staan geskrywe: ‘Jehovah jou
God[d] moet jy aanbid, en aan
hom alleen moet jy heilige diens
verrig.’ ”[e]
9 En hy het hom in Jerusa-
lem ingelei en hom bo-op die
muur[f] van die tempel laat staan
en vir hom gesê: “As jy ’n seun
van God is, spring hier af;[g]
10 want daar staan geskry-
we: ‘Hy sal sy engele aan-
gaande jou opdrag gee om jou
te bewaar’,[h] 11 en: ‘Hulle sal
jou op hulle hande dra, sodat
jy nooit jou voet teen ’n klip
sal stamp nie.’ ”[i] 12 Jesus het
geantwoord en vir hom gesê:
“Daar is gesê: ‘Jy mag Jehovah
jou God nie op die proef stel
nie.’ ”[j] 13 Toe die Duiwel dan
alle versoeking tot ’n einde ge-
bring het, het hy tot ’n ander ge-
skikte tyd van hom gewyk.[k]
14 En Jesus het in die krag
van die gees na Galile′a terug-
gekeer.[l] En goeie berigte aan-
gaande hom het deur die hele
omliggende gebied versprei.[m]
15 Ook het hy in hulle sinago-
ges begin leer en is hy deur al-
mal hooggeag.[n]
16 En hy het in Na′saret[o] ge-
kom, waar hy grootgemaak is;
en volgens sy gewoonte op die
sabbatdag het hy in die sinago-
ge ingegaan,[p] en hy het opge-
staan om te lees. 17 Toe is die
boekrol van die profeet Jesaja

HFST. 3
a Rut 4:13
b Rut 4:21; Mt 1:5
c Nu 1:7; 1Kr 2:11; Mt 1:4
d Rut 4:20
e 1Kr 2:10
f Rut 4:19
g Rut 4:18; 1Kr 2:5
h Ge 29:35; Rut 4:12; 1Kr 2:4; Mt 1:3
i Ge 25:26; 1Kr 2:1
j Ge 21:3
k Ge 11:27; 1Kr 1:28; Mt 1:2
l Ge 11:26
m Ge 11:24
n Ge 11:22
o Ge 11:20; 1Kr 1:25
p Ge 11:18
q Ge 11:16
r Ge 11:14
s Ge 11:12
t Ge 11:10
u Ge 5:29; Ge 5:32
v Ge 5:25
w Ge 5:21
x Ge 5:19
y Ge 5:16
z Ge 5:12
a Ge 5:9; 1Kr 1:2
b Ge 4:26; Ge 5:7; Ge 5:10; 1Kr 1:1
c Ge 5:4
d Ge 5:1

HFST. 4
e Le 16:21; Mt 4:1; Mr 1:12
f Eks 34:28; 1Kn 19:8
g Heb 2:18
h De 8:3

Tweede kol.
a Op 13:2
b Joh 12:31; Joh 14:30; Ef 2:2
c Da 3:5
d Eks 20:3
e De 6:13; De 10:20
f Mt 4:5
g Mt 4:6
h Ps 91:11
i Ps 91:12
j De 6:16; 1Ko 10:9
k Heb 4:15
l Mt 4:12; Joh 4:3
m Han 10:37
n Jes 52:13
o Mt 2:23

p Han 13:14; Han 17:2.

vir hom aangegee, en hy het die
boekrol oopgemaak en die plek
gevind waar geskrywe staan:
**18** “Jehovah se gees[a] is op my,
want hy het my gesalf om goeie
nuus aan die armes bekend te
maak, hy het my uitgestuur om
’n vrylating aan die gevange-
nes te verkondig en ’n her-
stel van gesig aan die blindes,
om die verbryseldes in vryheid
weg te stuur,[b] **19** om Jehovah
se aanneemlike jaar te verkon-
dig.”[c] **20** Hierna het hy die
boekrol opgerol, dit aan die die-
naar teruggegee en gaan sit; en
die oë van almal in die sina-
goge was stip op hom gevestig.
**21** Toe het hy vir hulle begin sê:
“Vandag is hierdie Skrifgedeel-
te wat julle so pas gehoor het,
vervul.”[d]

**22** En hulle het almal begin
om ’n gunstige getuienis aan-
gaande hom te gee en om hul-
le te verwonder oor die inne-
mende woorde[e] wat uit sy mond
kom, en hulle het gesê: “Is hy
dan nie ’n seun van Josef nie?”[f]
**23** Hierop het hy vir hulle gesê:
“Julle sal ongetwyfeld hierdie
illustrasie op my toepas: ‘Ge-
neesheer,[g] genees jouself;
doen ook hier in jou tuisge-
bied[h] die dinge[i] wat ons ge-
hoor het in Kaper′naum gebeur
het.’ ”[j] **24** Maar hy het gesê:
“Voorwaar, ek sê vir julle dat
geen profeet in sy tuisgebied
aanvaar word nie. **25** Ek sê
byvoorbeeld vir julle die waar-
heid: Daar was baie weduwees
in Israel in die dae van Eli′a,
toe die hemel drie jaar en ses
maande lank toegesluit was, so-
dat daar ’n groot hongersnood
oor die hele land gekom het;[k]
**26** tog is Eli′a nie na een van
daardie vroue toe gestuur nie,
maar net na ’n weduwee in Sar-
fat[l] in die land Sidon. **27** Ook
was daar baie melaatses in Is-
rael in die tyd van die profeet
Eli′sa; tog is nie een van hul-
le gereinig nie, net Naäman, die
man van Sirië.”[a] **28** En almal
wat hierdie dinge in die sinago-
ge gehoor het, was met toorn
vervul;[b] **29** en hulle het opge-
staan en hom haastig tot bui-
te die stad gedryf, en hulle
het hom tot op die oorhan-
gende rand van die berg gelei
waarop hulle stad gebou was,
om hom kop eerste af te gooi.[c]
**30** Maar hy het tussen hulle
deur geloop en verder gegaan.[d]

**31** En hy het afgegaan na
Kaper′naum,[e] ’n stad van Ga-
lile′a. En hy het hulle op die
sabbat geleer; **32** en hulle was
verstom oor die manier waar-
op hy geleer het,[f] want hy het
met gesag gepraat.[g] **33** En in
die sinagoge was daar ’n man
met ’n gees,[h] ’n onrein demoon,
en hy het met ’n harde stem ge-
skreeu: **34** “Ha! Wat het ons
met jou te doen,[i] Jesus, Nasa-
rener?[j] Het jy gekom om ons
te vernietig? Ek weet[k] presies
wie jy is: die Heilige van God.”[l]
**35** Maar Jesus het hom bestraf
en gesê: “Bly stil, en kom uit
hom uit.” Nadat die demoon
die man tussen hulle neerge-
gooi het, het hy uit hom uit-
gekom sonder om hom seer
te maak.[m] **36** Hierop is almal
met verbasing vervul, en hul-
le het met mekaar begin praat
en gesê: “Wat vir ’n woord
is dit dié, want met gesag en
mag beveel hy die onrein gees-
te, en hulle kom uit?”[n] **37** En
die nuus aangaande hom het na
elke uithoek van die omliggen-
de gebied bly uitgaan.[o]

**38** Nadat hy uit die sinagoge
opgestaan het, het hy in Simon
se huis ingegaan. En Simon
se skoonmoeder is deur ’n hoë

**HFST. 4**
a Jes 61:1
b Jes 42:3, Mt 12:20
c Jes 58:6, Jes 61:2
d Mt 5:17, 2Ko 6:2
e Ps 45:2, Jes 50:4, Ef 4:29
f Mt 13:54, Mr 6:2, Joh 6:42
g Mt 8:7
h Mt 13:57, Mr 6:4, Joh 4:44
i Mt 9:12
j Mt 4:13
k 1Kn 17:9, 1Kn 18:1, Jak 5:17
l 1Kn 17:10

**Tweede kol.**
a 2Kn 5:14
b Lu 2:34
c Mt 21:38
d Joh 8:59, Joh 10:39
e Mr 1:21
f Mt 7:28, Joh 7:46
g Tit 2:15
h Mr 1:23
i Mt 8:29, Lu 8:28
j Mt 2:23, Lu 18:37, Joh 19:19, Han 2:22
k Jak 2:19
l Mr 1:24, Lu 1:35, Lu 4:41
m Mr 1:26
n Mr 1:27
o Mr 1:28, Lu 5:15

koors gekwel, en hulle het om
haar ontwil ’n versoek tot hom
gerig.[a] **39** Toe het hy oor haar
gaan staan en die koors be-
straf,[b] en dit het haar verlaat.
Oombliklik het sy opgestaan en
hulle begin bedien.[c]

**40** Maar toe die son onder-
gaan, het almal wat siekes ge-
had het wat aan allerhande
kwale gely het, hulle na hom
toe gebring. Deur elkeen van
hulle die hande op te lê, het
hy hulle genees.[d] **41** Demone
het ook uit baie uitgekom,[e] ter-
wyl hulle geskreeu en gesê het:
“Jy is die Seun[f] van God.” Maar
hy het hulle bestraf en hulle nie
toegelaat om te praat nie,[g] om-
dat hulle geweet het[h] dat hy die
Christus is.[i]

**42** Toe dit egter dag word,
het hy uitgegaan en na ’n een-
same plek vertrek.[j] Maar die
skare het na hom begin soek
en gekom tot waar hy was,
en hulle het hom probeer teë-
hou, dat hy nie van hulle sou
weggaan nie. **43** Maar hy het
vir hulle gesê: “Ook aan ander
stede moet ek die goeie nuus
van die koninkryk van God be-
kend maak, want hiervoor is ek
uitgestuur.”[k] **44** Toe het hy
voortgegaan om in die sinago-
ges van Jude′a te preek.[l]

**5** By een geleentheid het hy
langs die meer van Genne′-
saret[m] gestaan terwyl die ska-
re dig teen hom aangedring en
na die woord van God geluister
het. **2** En hy het twee bote
aan die oewer van die meer
sien lê, maar die vissers het
reeds uit hulle geklim en was
besig om hulle nette af te was.[n]
**3** Hy het in een van die bote
geklim, dié van Simon, en hom
gevra om ’n entjie van die land
af weg te vaar. Toe het hy gaan
sit en die skare van die boot
af[a] begin leer. **4** Toe hy op-
hou praat, het hy vir Simon ge-
sê: “Vaar uit na waar dit diep
is en laat sak julle nette[b] vir
’n vangs.” **5** Maar Simon het
geantwoord en gesê: “Onderrig-
ter, ons het die hele nag ge-
swoeg en niks gevang nie,[c]
maar as u so sê, sal ek die nette
laat sak.” **6** Wel, toe hulle dit
doen, het hulle ’n groot menig-
te visse omsluit. Trouens, hul-
le nette het uitmekaar begin
skeur. **7** Toe het hulle vir hul-
le maats in die ander boot ge-
wink om hulle te kom help;[d] en
hulle het gekom, en hulle het
al twee bote vol gemaak, so-
dat dié begin sink het. **8** Toe
Simon Petrus[e] dit sien, het hy
aan die knieë van Jesus neerge-
val en gesê: “Gaan weg van
my, Here, want ek is ’n sondige
man.”[f] **9** Want verbasing oor
die visvangs wat hulle opgetrek
het, het hom en almal saam met
hom oorweldig, **10** en so ook
vir Jakobus sowel as Johannes,
Sebede′us[g] se seuns, wat met-
geselle van Simon was. Maar
Jesus het vir Simon gesê: “Hou
op om bang te wees. Van nou
af sal jy mense lewend vang.”[h]
**11** Toe het hulle die bote terug-
gebring land toe en alles laat
staan en hom gevolg.[i]

**12** Terwyl hy by ’n latere ge-
leentheid in een van die stede
was, kyk! ’n man vol melaats-
heid! Toe hy Jesus sien, het
hy op sy gesig geval en hom
gesmeek en gesê: “Here, as u
net wil, kan u my rein maak.”[j]
**13** En hy het sy hand uitge-
steek, hom aangeraak en gesê:
“Ek wil. Word gereinig.” En on-
middellik het die melaatsheid
van hom verdwyn.[k] **14** En
hy het die man beveel om vir
niemand te vertel nie:[l] “Maar

**HFST. 4**
a Mt 8:14 Mr 1:30
b Ps 103:3 Han 28:8
c Mt 8:15 Mr 1:31
d Mt 8:16 Mr 1:32 Han 28:9
e Mr 1:34
f Mt 8:29 Mr 3:11
g Mr 1:25 Mr 3:12 Han 16:17 Han 16:18
h Han 19:15
i Lu 2:11 Lu 4:34
j Mr 1:35
k Lu 8:1 Joh 9:4 Han 10:38 Ro 15:8
l Mt 4:23 Mr 1:39

**HFST. 5**
m Mt 4:18 Mr 1:16
n Mt 4:21

**Tweede kol.**
a Mr 4:1
b Joh 21:6
c Joh 21:3
d Joh 21:8
e Joh 21:7
f Mt 8:8
g Mt 4:21 Mr 1:19
h Mt 4:19 Mr 1:17
i Mt 4:20 Mt 6:33 Mt 19:27 Mr 1:20 Lu 18:28 Flp 3:8
j Mt 8:2 Mr 1:40
k Mt 8:3 Mr 1:42
l Mr 7:36 Lu 8:56

gaan wys jou vir die priester[a]
en bring ’n offer[b] in verband
met jou reiniging, net soos Mo-
ses voorgeskryf het, as ’n ge-
tuienis vir hulle.”[c] **15** Maar
die woord oor hom het al hoe
meer versprei, en groot menig-
tes het bymekaargekom om te
luister en van hulle siektes ge-
nees te word.[d] **16** Hy het eg-
ter in afsondering gebly in die
woestyne en aangehou bid.[e]

**17** In die loop van een van
die dae was hy besig om te
leer, en Fariseërs en leer-
meesters van die wet wat uit
elke dorpie van Galile′a en Ju-
de′a en Jerusalem gekom het,
het daar gesit; en Jehovah se
krag was daar sodat hy gesond
kon maak.[f] **18** En kyk! man-
ne het ’n man wat verlam was,
op ’n bed gedra, en hulle het
’n manier gesoek om hom in te
bring en hom voor hom neer
te sit.[g] **19** Toe hulle weens die
skare nie ’n manier kon vind om
hom in te bring nie, het hulle na
die dak opgeklim en hom met
die bedjie deur die teëls laat af-
sak tussen diegene in wat voor
Jesus was.[h] **20** En toe hy hul-
le geloof sien, het hy gesê:
“Man, jou sondes is jou verge-
we.”[i] **21** Daarop het die skrif-
geleerdes en die Fariseërs begin
redeneer en gesê: “Wie is hier-
die man wat lasteringe spreek?[j]
Wie kan sondes vergewe, behal-
we God alleen?”[k] **22** Maar Je-
sus het hulle redenasies onder-
skei en het hulle geantwoord en
gesê: “Wat redeneer julle in jul-
le harte?[l] **23** Wat is makliker
—om te sê: ‘Jou sondes is jou
vergewe’, of om te sê: ‘Staan op
en loop’?[m] **24** Maar sodat jul-
le kan weet dat die Seun van
die mens gesag het op die aar-
de om sondes te vergewe—” het
hy vir die verlamde man gesê:
“Ek sê vir jou: Staan op en tel
jou bedjie op en gaan huis toe.”[a]
**25** En hy het oombliklik voor
hulle opgestaan, opgetel waar-
op hy voorheen gelê het en na
sy huis gegaan terwyl hy God
verheerlik het.[b] **26** Toe het
ekstase[c] almal sonder uitson-
dering aangegryp, en hulle het
God begin verheerlik, en hulle
is met vrees vervul en het ge-
sê: “Ons het vandag vreemde
dinge gesien!”[d]

**27** En ná hierdie dinge het
hy uitgegaan en ’n belasting-
gaarder met die naam Levi by
die belastingkantoor sien sit, en
hy het vir hom gesê: “Word my
volgeling.”[e] **28** En hy het al-
les net so gelaat[f] en opgestaan
en hom gevolg. **29** En Levi
het ’n groot onthaal vir hom
in sy huis gegee; en daar was
’n groot menigte belastinggaar-
ders en ander wat saam met
hulle gedurende die maaltyd
aan tafel was.[g] **30** Hierop het
die Fariseërs en hulle skrif-
geleerdes by sy dissipels begin
murmureer en gesê: “Waarom
eet en drink julle saam met be-
lastinggaarders en sondaars?”[h]
**31** Jesus het geantwoord en vir
hulle gesê: “Dié wat gesond is,
het nie ’n geneesheer nodig
nie,[i] maar dié wat siek is, het
wel.[j] **32** Ek het nie gekom om
regverdiges tot berou te roep
nie, maar sondaars.”[k]

**33** Hulle het vir hom ge-
sê: “Die dissipels van Johan-
nes vas dikwels en doen sme-
kinge, en so ook dié van die
Fariseërs, maar joune eet en
drink.”[l] **34** Jesus het vir hul-
le gesê: “Julle kan tog nie die
vriende van die bruidegom laat
vas terwyl die bruidegom by
hulle is nie, of hoe?[m] **35** Tog
sal daar dae kom wanneer die
bruidegom[n] inderdaad van hul-

**HFST. 5**
a Le 13:49; Le 14:2
b Le 14:10; Le 14:20
c Mt 8:4; Mr 1:44
d Mt 4:25; Mr 3:7; Joh 6:2
e Mr 1:45
f Ps 103:3; Mr 2:1
g Mt 9:2; Mr 2:3
h Mr 2:4
i Mr 2:5
j Mt 9:3; Mr 2:7
k Ps 32:5; Ps 103:3; Ps 130:4; Jes 1:18; Jes 43:25; Da 9:9
l Mt 9:4; Mr 2:8
m Mt 9:5; Mr 2:9

**Tweede kol.**
a Mt 9:6; Mr 2:11; Joh 5:8
b Mt 9:7; Mr 2:12; Han 4:21; Ga 1:24
c Mr 5:42; Han 3:10
d Mt 9:8
e Mt 9:9; Mr 2:14
f Lu 5:11
g Mt 9:10; Mr 2:15; Lu 15:1
h Mt 9:11; Mr 2:16; Lu 15:2
i Jes 53:4
j Mt 9:12; Mr 2:17
k Mt 9:13; 1Ti 1:15
l Mt 9:14; Mr 2:18; Lu 7:34
m Mt 9:15; Mr 2:19; Joh 3:29
n Mt 22:2; 2Ko 11:2; Op 19:7

le weggeneem sal word;[a] dan sal
hulle in daardie dae vas."[b]
**36** Hy het verder vir hulle 'n
illustrasie gegee: "Niemand sny
'n stuk uit 'n nuwe bokleed en
werk dit op 'n ou bokleed vas
nie; maar as hy dit doen, dan
skeur die nuwe stuk weg en pas
die stuk van die nuwe kleed ook
nie by die oue nie.[c] **37** Ook
gooi niemand nuwe wyn in ou
wynsakke nie; maar as hy dit
doen, dan sal die nuwe wyn
die wynsakke laat bars,[d] en
dit sal uitloop en die wynsak-
ke sal bederf wees.[e] **38** Maar
nuwe wyn moet in nuwe wyn-
sakke gegooi word. **39** Nie-
mand wat ou wyn gedrink het,
wil nuwe wyn hê nie; want hy
sê: 'Die oue[f] is lekker.' "

**6** En op 'n sabbat het hy deur
graanlande geloop, en sy
dissipels het die are gepluk[g]
en dit met hulle hande uit-
gevrywe[h] en geëet. **2** Hierop
het party van die Fariseërs ge-
sê: "Waarom doen julle wat
op die sabbat[i] nie geoorloof is
nie?"[j] **3** Maar Jesus het hulle
geantwoord en gesê: "Het jul-
le nog nooit gelees wat Dawid[k]
gedoen het toe hy en die man-
ne wat by hom was, honger ge-
word het nie?[l] **4** Hoe hy in
die huis van God ingegaan en
die aanbiedingsbrode[m] ontvang
en geëet het en vir die manne
wat by hom was, daarvan gegee
het, wat vir niemand geoorloof
is om te eet nie, maar net vir
die priesters?"[n] **5** En hy het
verder vir hulle gesê: "Die Seun
van die mens is Here van die
sabbat."[o]

**6** In die loop van 'n ander
sabbat[p] het hy in die sinago-
ge ingegaan en begin leer. En
daar was 'n man teenwoordig
wie se regterhand verdor was.[q]
**7** Die skrifgeleerdes en die Fa-
riseërs het hom toe fyn dopge-
hou[a] om te sien of hy op die sab-
bat sou genees, sodat hulle iets
kon vind waarvan hulle hom
kon beskuldig.[b] **8** Hy het eg-
ter hulle redenasies geken,[c] en
tog het hy vir die man met
die verdorde hand gesê: "Staan
op en staan in die middel." En
hy het opgestaan en daar gaan
staan.[d] **9** Toe het Jesus vir
hulle gesê: "Ek vra julle: Is dit
op die sabbat geoorloof om goed
te doen[e] of om kwaad te doen,
om 'n siel te red of te vernie-
tig?"[f] **10** En nadat hy almal
rondom hom aangekyk het, het
hy vir die man gesê: "Steek jou
hand uit." Hy het dit gedoen, en
sy hand is herstel.[g] **11** Maar
hulle is met woede vervul, en
hulle het onder mekaar begin
bespreek wat hulle Jesus kon
aandoen.[h]

**12** In die loop van hierdie
dae het hy uitgegaan na die
berg om te bid,[i] en hy het
die hele nag in gebed tot God
deurgebring.[j] **13** Maar toe
dit dag word, het hy sy dis-
sipels na hom toe geroep en
twaalf van hulle uitgekies, wat
hy ook "apostels" genoem het:[k]
**14** Simon, wat hy ook Petrus
genoem het,[l] en sy broer An-
dre'as, en Jakobus en Johan-
nes,[m] en Filippus[n] en Barto-
lome'us, **15** en Matte'us en
Tomas,[o] en Jakobus, die seun
van Alfe'us, en Simon, wat
"die ywerige" genoem word,[p]
**16** en Judas, die seun van Ja-
kobus, en Judas Iska'riot, wat
'n verraaier geword het.[q]

**17** En hy het saam met hul-
le afgekom en 'n plek op 'n ge-
lykte ingeneem, en daar was 'n
groot skare van sy dissipels en
'n groot menigte mense[r] uit die
hele Jude'a en Jerusalem en die

**HFST. 5**
a Lu 17:22
b Joh 16:20
c Mt 9:16; Mr 2:21
d Job 32:19
e Mt 9:17; Mr 2:22
f Jes 25:6

**HFST. 6**
g De 23:25
h Mt 12:1; Mr 2:23
i Mt 12:2; Mr 2:24; Joh 5:10
j Eks 20:10; De 5:14
k 1Sa 21:4
l Mt 12:3; Mr 2:25
m 1Sa 21:6
n Le 24:9; Mt 12:4; Mr 2:26
o Mt 12:8; Mr 2:28
p Lu 13:14; Joh 9:16
q Mt 12:10; Mr 3:1

**Tweede kol.**
a Lu 14:1
b Mr 3:2
c Lu 5:22; Joh 2:24
d Mr 3:3
e Mt 12:11; Joh 7:23
f Mr 3:4
g Mt 12:13; Mr 3:5
h Ps 2:2; Mt 12:14; Mr 3:6
i Mt 6:6; Mr 3:13
j Jes 26:9; Mt 14:23
k Mr 3:14; Joh 6:70
l Mt 10:2
m Mr 3:17; Han 1:13
n Joh 14:8
o Joh 11:16
p Mr 3:18
q Mr 3:19
r Mt 4:25

kusgebied van Tirus en Sidon,
wat gekom het om hom te hoor
en van hulle siektes genees
te word.[a] **18** Selfs dié wat las
van onrein geeste gehad het,
is genees. **19** En die hele ska-
re het aan hom probeer raak,[b]
want krag[c] het van hom uitge-
gaan en hulle almal gesond ge-
maak.

**20** En hy het sy oë na sy dis-
sipels opgeslaan en begin sê:[d]

“Gelukkig is julle, armes,[e]
want aan julle behoort die ko-
ninkryk van God.

**21** “Gelukkig is julle wat nou
honger is,[f] want julle sal versa-
dig word.[g]

“Gelukkig is julle wat nou
huil, want julle sal lag.[h]

**22** “Gelukkig is julle wan-
neer die mense julle haat,[i] en
wanneer hulle julle verstoot
en julle smaad en julle naam
as goddeloos uitwerp[j] ter wil-
le van die Seun van die mens.
**23** Wees bly op daardie dag en
spring op, want kyk! julle belo-
ning is groot in die hemel, want
presies dieselfde dinge het hulle
voorvaders aan die profete ge-
doen.[k]

**24** “Maar wee julle, rykes,[l]
want julle ontvang reeds julle
volle vertroosting.[m]

**25** “Wee julle wat nou vol is,
want julle sal honger ly.[n]

“Wee julle wat nou lag, want
julle sal treur en huil.[o]

**26** “Wee julle wanneer al die
mense goed van julle praat,
want net so het hulle voorva-
ders aan die valse profete ge-
doen.[p]

**27** “Maar ek sê vir julle wat
luister: Hou aan om julle vy-
ande lief te hê,[q] om goed te
doen[r] aan dié wat julle haat,
**28** om dié te seën wat julle ver-
vloek, om te bid vir dié wat julle
beledig.[a] **29** Vir hom wat jou
op die een wang slaan,[b] moet jy
ook die ander een aanbied; en
vir hom wat jou bokleed weg-
neem,[c] moet jy selfs nie die
onderkleed weier nie. **30** Gee
aan elkeen wat jou iets vra,[d] en
van die een wat jou goed weg-
neem, moet jy dit nie terugvra
nie.

**31** “En net soos julle wil hê
dat die mense aan julle moet
doen, so moet julle ook aan hul-
le doen.[e]

**32** “En as julle dié liefhet
wat julle liefhet, watter ver-
dienste het julle dan? Want
selfs die sondaars het dié lief
wat hulle liefhet.[f] **33** En as
julle goed doen aan dié wat aan
julle goed doen, watter verdien-
ste het julle dan? Selfs die son-
daars doen dieselfde.[g] **34** Ook
as julle sonder rente leen[h] aan
dié van wie julle hoop om te
ontvang, watter verdienste het
julle dan? Selfs sondaars leen
sonder rente aan sondaars so-
dat hulle net soveel kan terug-
kry.[i] **35** Hou daarenteen aan
om julle vyande lief te hê en om
goed te doen en om sonder ren-
te te leen,[j] sonder om te hoop
om iets terug te kry; en julle be-
loning sal groot wees, en julle
sal kinders van die Allerhoog-
ste wees,[k] want hy is goedhar-
tig[l] teenoor die ondankbares en
goddeloses. **36** Hou aan om
barmhartig te word, net soos
julle Vader barmhartig is.[m]

**37** “Wat meer is, hou op om
te oordeel, en julle sal hoege-
naamd nie geoordeel word nie;[n]
en hou op om te veroordeel, en
julle sal hoegenaamd nie ver-
oordeel word nie. Hou aan om
vry te laat, en julle sal vryge-
laat word.[o] **38** Gee altyddeur,
en mense sal vir julle gee.[p] Hul-
le sal ’n goeie maat, ingestamp,

**HFST. 6**

a Mr 3:7
b Mt 14:36
c Mr 5:30
d Mt 5:2
e Jes 57:15; Mt 5:3; Jak 2:5
f Jes 55:1; Mt 5:6
g Ps 107:9; Jer 31:25
h Jes 61:3; Mt 5:11; Op 21:4
i Mt 5:10; Joh 17:14; 1Pe 3:14
j Joh 16:2
k 2Kr 36:16; Mt 5:12; Lu 11:47; Han 7:52
l Jak 5:1
m Mt 6:2; Lu 16:25
n Jes 65:13
o Spr 14:13
p Joh 15:19; Jak 4:4; 1Jo 4:5
q Mt 5:44
r Eks 23:4; Spr 25:21; Ro 12:20

**Tweede kol.**

a Han 7:60; Ro 12:14
b Mt 5:39
c Mt 5:40; 1Ko 6:7
d De 15:7; Spr 3:27; Spr 21:26; Mt 5:42
e Mt 7:12
f Mt 5:46; 1Ti 5:8
g Mt 5:47
h Le 25:36; De 15:8
i Mt 5:42
j Eks 22:25; Le 25:37; De 23:20; Ps 37:26
k De 14:29; Mt 5:45; 1Jo 3:1
l Han 14:17
m Mt 5:48; Ef 5:2; Jak 2:13
n Mt 7:1; Ro 2:1; Ro 14:10
o Jes 58:6; Mt 6:14; Mr 11:25
p Spr 19:17

geskud en oorlopend, in julle
skoot stort. Want met die maat
waarmee julle uitmeet, sal hul-
le weer vir julle uitmeet."[a]
**39** Toe het hy ook vir hul-
le 'n illustrasie vertel: "'n Blin-
de kan tog nie 'n blinde lei nie,
of hoe? Al twee sal in 'n gat
val, nie waar nie?[b] **40** 'n Leer-
ling is nie bo sy leermeester nie,
maar elkeen wat volmaak on-
derrig is, sal soos sy leermees-
ter wees.[c] **41** Waarom kyk jy
dan na die strooihalm wat in jou
broer se oog is, maar sien nie
die balk raak wat in jou eie oog
is nie?[d] **42** Hoe kan jy vir jou
broer sê: 'Broer, laat my toe om
die strooihalm wat in jou oog is,
uit te haal', terwyl jy self nie
kyk na die balk wat in jou oog
is nie?[e] Huigelaar! Haal eers die
balk uit jou eie oog uit,[f] en dan
sal jy duidelik sien hoe om die
strooihalm wat in jou broer se
oog is, uit te haal.[g]
**43** "Want daar is nie 'n goeie
boom wat slegte vrugte voort-
bring nie; ook is daar nie 'n
slegte boom wat goeie vrugte
voortbring nie.[h] **44** Want elke
boom word aan sy eie vrugte ge-
ken.[i] Mense pluk byvoorbeeld
nie vye van dorings nie, en hul-
le sny ook nie druiwe van 'n
doringbos af nie.[j] **45** 'n Goeie
mens bring uit die goeie skat[k]
van sy hart te voorskyn wat
goed is, maar 'n goddelose mens
bring uit sy goddelose skat
te voorskyn wat goddeloos is;
want uit die oorvloed van die
hart praat sy mond.[l]
**46** "Waarom noem julle my
dan 'Here! Here!' maar doen
nie wat ek sê nie?[m] **47** Elk-
een wat na my toe kom en
my woorde hoor en dit doen
—ek sal vir julle toon soos wie
hy is:[n] **48** Hy is soos 'n man
wat 'n huis bou, wat gegrawe en
diep afgegaan en 'n fondament
op die rots gelê het. En toe
daar 'n vloed[a] kom, het die ri-
vier teen dié huis geslaan, maar
was nie sterk genoeg om dit te
laat wankel nie, omdat dit goed
gebou was.[b] **49** Daarenteen is
hy wat hoor en nie doen nie[c]
soos 'n man wat 'n huis sonder
'n fondament op die grond ge-
bou het. Die rivier het daarteen
geslaan en dit het onmiddellik
ineengestort, en die verwoes-
ting[d] van dié huis het groot ge-
word."[e]

**7** Toe hy al sy woorde ten aan-
hore van die volk voltooi
het, het hy in Kaper'naum in-
gegaan.[f] **2** En die slaaf van 'n
sekere leëroffisier, wat vir hom
dierbaar was, was siek en het
op sterwe gelê.[g] **3** Toe hy van
Jesus hoor, het hy ouer man-
ne van die Jode na hom toe ge-
stuur om hom te vra om te kom
en sy slaaf veilig deur te haal.
**4** Daarop het dié wat na Jesus
toe gekom het, hom ernstig be-
gin soebat en gesê: "Hy is dit
werd dat u dit vir hom doen,
**5** want hy het ons nasie lief[h] en
hy het self die sinagoge vir ons
gebou." **6** Toe het Jesus saam
met hulle vertrek. Maar toe hy
nie ver van die huis af was nie,
het die leëroffisier reeds vrien-
de gestuur om vir hom te sê:
"Meneer, moenie moeite doen
nie, want ek is dit nie werd
dat u onder my dak inkom nie.[i]
**7** Daarom het ek my nie waar-
dig geag om na u toe te kom
nie. Maar spreek die woord
en laat my kneg gesond word.
**8** Want ek is ook 'n man wat on-
der gesag geplaas is en het sol-
date onder my, en vir hierdie
een sê ek: 'Gaan!' en hy gaan,
en vir 'n ander een: 'Kom!' en
hy kom, en vir my slaaf: 'Doen

**HFST. 6**
a Mt 7:2; Mr 4:24
b Mt 15:14; Mt 23:16
c Mt 10:24; Joh 13:16; Joh 15:20
d Mt 7:3
e Mt 7:4
f Spr 18:17; Ro 2:21
g Mt 7:5
h Mt 7:16
i Mt 12:33
j Ge 1:11
k Mt 12:35
l Mt 12:34
m Mt 7:21; Mt 25:11; Lu 13:24; Ro 2:13; Jak 1:22
n Mt 7:24

**Tweede kol.**
a Han 14:22; 2Ti 3:12
b Ps 125:1; Mt 7:25; 2Ti 2:19; 1Pe 1:5
c Jak 1:24
d Job 8:13; Heb 10:29; 2Pe 2:20
e Mt 7:27

**HFST. 7**
f Mt 8:5
g Mt 8:6; Joh 4:47
h Han 10:2
i Mt 8:8

dit!’ en hy doen dit.”[a] **9** Wel,
toe Jesus hierdie dinge hoor,
was hy verwonderd oor hom, en
hy het omgedraai na die ska-
re wat hom gevolg het en gesê:
“Ek sê vir julle: Nie eens in Is-
rael het ek so ’n groot geloof ge-
vind nie.”[b] **10** En toe dié wat
gestuur was, by die huis terug-
kom, het hulle die slaaf gesond
gevind.[c]

**11** Kort hierna het hy na ’n
stad gereis wat Nain genoem
word, en sy dissipels en ’n groot
skare het saam met hom ge-
reis. **12** Toe hy naby die poort
van die stad kom, kyk! toe word
daar ’n dooie[d] uitgedra, die
enigste[e] seun van sy moeder. Sy
was boonop ’n weduwee. Daar
was ook ’n aansienlike skare uit
die stad by haar. **13** En toe
die Here haar sien, is hy ontroer
deur innige jammerte[f] vir haar,
en hy het vir haar gesê: “Hou
op huil.”[g] **14** Daarop het hy
nader gegaan en die baar aan-
geraak, en die draers het gaan
staan, en hy het gesê: “Jong
man, ek sê vir jou: Staan op!”[h]
**15** En die dooie man het regop
gaan sit en begin praat, en hy
het hom aan sy moeder gegee.[i]
**16** En vrees[j] het hulle almal
aangegryp, en hulle het God
begin verheerlik en gesê: “ ’n
Groot profeet[k] is onder ons ver-
wek”, en: “God het sy aandag op
sy volk gerig.”[l] **17** En hierdie
nuus aangaande hom het deur
die hele Jude′a en die hele om-
liggende gebied versprei.

**18** En Johannes se dissipels
het hom van al hierdie dinge
vertel.[m] **19** Toe het Johannes
twee van sy dissipels na hom
toe geroep en hulle na die Here
toe gestuur om te sê: “Is u die
Een wat sou kom, of moet ons ’n
ander een verwag?”[n] **20** Toe
hulle by hom kom, het die man-
ne gesê: “Johannes die Doper
het ons na u toe gestuur om te
sê: ‘Is u die Een wat sou kom,
of moet ons ’n ander een ver-
wag?’ ” **21** In daardie uur het
hy baie genees van siektes[a] en
ernstige kwale en bose geeste
en aan baie blindes die vermoë
geskenk om te sien. **22** Hy
het derhalwe geantwoord en
vir die twee gesê: “Gaan[b] ver-
tel vir Johannes wat julle ge-
sien en gehoor het: die blindes[c]
sien, die kreupeles loop, die me-
laatses word gereinig en die do-
wes hoor, die dooies word op-
gewek, aan die armes word die
goeie nuus verkondig.[d] **23** En
gelukkig is hy wat nie aanstoot
aan my geneem het nie.”[e]

**24** Toe Johannes se bood-
skappers weggegaan het, het
hy vir die skare oor Johannes
begin sê: “Wat het julle in die
wildernis uitgegaan om te aan-
skou? ’n Riet wat deur die wind
heen en weer beweeg word?[f]
**25** Wat het julle dan uitgegaan
om te sien? ’n Man geklee in
sagte boklere?[g] Dié in prag-
tige kleredrag en wat in weel-
de lewe, is immers in koninklike
huise.[h] **26** Wat het julle dan
eintlik uitgegaan om te sien?
’n Profeet?[i] Ja, ek sê vir jul-
le, en baie meer as ’n profeet.[j]
**27** Dit is hy van wie daar ge-
skrywe staan: ‘Kyk! Ek stuur
my boodskapper voor jou aan-
gesig uit,[k] wat jou weg voor jou
uit sal berei.’[l] **28** Ek sê vir jul-
le: Onder dié wat uit vroue ge-
bore is, is daar niemand gro-
ter[m] as Johannes nie; maar
iemand wat ’n mindere in die
koninkryk van God is, is gro-
ter as hy.”[n] **29** (En toe hulle
dit hoor, het al die mense en
die belastinggaarders verklaar
dat God regverdig is,[o] aange-
sien hulle met die doop van

**HFST. 7**
a Mt 8:9
b Mt 8:10; Ro 3:2; Ro 9:4
c Mt 8:13
d 1Kn 17:17; Lu 8:42
e Lu 9:38
f Heb 4:15
g Lu 8:52; Joh 11:33
h 1Kn 17:21; Lu 8:54; Joh 11:43; Han 9:40
i 1Kn 17:23; 2Kn 4:36
j Lu 1:65
k De 18:15; Lu 24:19; Joh 4:19; Joh 6:14; Joh 7:40; Han 7:37
l Eks 4:31; Ps 106:4; Lu 1:68
m Mt 11:2; Joh 3:26
n Ps 40:7; Ps 118:26; Ese 21:27; Sag 9:9; Mal 3:1; Mt 3:11

**Tweede kol.**
a Jes 53:4
b Mt 11:4
c Jes 29:18; Jes 35:5; Jes 42:7
d Jes 61:1; Sef 3:12; Mt 11:5; Lu 4:18; Jak 2:5
e Jes 8:14; Mt 11:6; Lu 2:34; Joh 6:66
f Mt 11:7
g Mr 1:6
h Est 1:11; Mt 11:8
i Lu 1:76
j Mt 11:9
k Mal 3:1
l Jes 40:3; Mt 11:10; Lu 1:16; Joh 1:23
m Lu 1:15
n Mt 11:11
o Mt 3:15; Mt 21:32

Johannes gedoop is.[a] **30** Maar
die Fariseërs en dié wat met die
Wet vertroud was, het God se
raad aan hulle verontagsaam,[b]
aangesien hulle nie deur hom
gedoop is nie.)

**31** “Met wie sal ek dan die
mense van hierdie geslag ver-
gelyk, en soos wie is hulle?[c]
**32** Hulle is soos jong kinders
wat op ’n markplein sit en me-
kaar toeroep en wat sê: ‘Ons
het vir julle op die fluit gespeel,
maar julle het nie gedans nie;
ons het geweeklaag, maar julle
het nie gehuil nie.’[d] **33** Net so
het Johannes die Doper gekom
en geen brood geëet of wyn ge-
drink nie, maar julle sê: ‘Hy het
’n demoon.’[e] **34** Die Seun van
die mens het gekom en geëet
en gedrink, maar julle sê: ‘Kyk!
’n Mens wat vraatsugtig en
aan wyn verslaaf is, ’n vriend
van belastinggaarders en son-
daars!’[f] **35** Nietemin, die wys-
heid[g] word deur al sy kinders
geregverdig.”[h]

**36** En een van die Fariseërs
het hom bly vra om by hom te
kom eet. Toe het hy in die huis
van die Fariseër ingegaan[i] en
aan tafel gegaan. **37** En kyk!
’n vrou wat in die stad as ’n
sondares bekend gestaan het,
het verneem dat hy in die huis
van die Fariseër vir ’n maaltyd
aan tafel was, en sy het ’n al-
baste fles[j] welriekende olie ge-
bring **38** en ’n plek agter by
sy voete ingeneem, en sy het
gehuil en sy voete met haar tra-
ne begin natmaak en hulle met
die hare van haar kop afge-
droog. Ook het sy sy voete teer
gesoen en hulle met die welrie-
kende olie gesalf. **39** Toe die
Fariseër wat hom genooi het,
dit sien, het hy by homself ge-
sê: “As hierdie man ’n profeet
was,[k] sou hy geweet het wie en
watter soort vrou dit is wat aan
hom raak, dat sy ’n sondares
is.”[a] **40** Maar Jesus het geant-
woord en vir hom gesê: “Simon,
ek het iets om vir jou te sê.” Hy
het gesê: “Leermeester, sê dit!”

**41** “Twee manne was skulde-
naars van ’n sekere geldskie-
ter; die een het vyfhonderd
dena′rii geskuld,[b] maar die an-
der vyftig. **42** Toe hulle niks
gehad het om mee terug te be-
taal nie, het hy hulle albei dit
vryelik kwytgeskeld.[c] Wie van
hulle sal hom dan die meeste
liefhê?” **43** Simon het geant-
woord en gesê: “Ek veronder-
stel die een wat hy die mees-
te vryelik kwytgeskeld het.”
Hy het vir hom gesê: “Jy het
korrek geoordeel.” **44** Daar-
op het hy omgedraai na die
vrou en vir Simon gesê: “Sien
jy hierdie vrou? Ek het in jou
huis ingekom; jy het my geen
water vir my voete gegee nie.[d]
Maar hierdie vrou het my voete
met haar trane natgemaak en
hulle met haar hare afgedroog.
**45** Jy het my geen soen ge-
gee nie;[e] maar hierdie vrou het,
van die uur dat ek ingekom
het, nie opgehou om my voe-
te teer te soen nie. **46** Jy het
my kop nie met olie gesalf nie;[f]
maar hierdie vrou het my voe-
te met welriekende olie gesalf.
**47** Op grond hiervan, sê ek vir
jou, is haar sondes, hoewel hul-
le baie is, vergewe,[g] want sy
het baie liefgehad; maar hy
wat min vergewe word, het
min lief.” **48** Toe het hy vir
haar gesê: “Jou sondes is ver-
gewe.”[h] **49** Hierop het dié wat
saam met hom aan tafel was, by
hulleself begin sê: “Wie is hier-
die man wat selfs sondes verge-
we?”[i] **50** Maar hy het vir die
vrou gesê: “Jou geloof het jou
gered;[j] gaan in vrede.”[k]

**HFST. 7**

a Mt 3:6, Lu 3:12
b De 32:28, Han 13:46, Han 20:27, Ro 10:3
c Mt 11:16
d Mt 11:17
e Nu 6:3, Rig 13:4, Mt 3:4, Mr 1:6, Lu 1:15
f Mt 11:19, Lu 5:30
g 1Ko 1:24
h Joh 10:38
i Mt 26:6, Lu 11:37
j Mt 26:7, Mr 14:3, Joh 12:3
k Joh 4:19

**Tweede kol.**

a Lu 15:2
b Mt 18:28
c Ps 32:1, Ps 103:3, Jes 1:18, Mt 18:27, Lu 7:47
d Ge 18:4, 1Ti 5:10
e 1Ko 16:20, 1Pe 5:14
f Ps 23:5, Ps 45:7
g Ps 51:1, Jes 43:25, Jes 44:22, Lu 7:42, 1Ti 1:14
h Mt 9:2, Mr 2:5
i Jes 53:3, Mt 9:3, Mr 2:7, Lu 5:21
j Mt 9:22, Lu 8:48, Ef 2:8
k 1Sa 1:17, Joh 14:27

**8** Kort daarna het hy van
stad tot stad en van dor-
pie tot dorpie begin reis en ge-
preek en die goeie nuus van
die koninkryk van God be-
kend gemaak.[a] En die twaalf
was saam met hom, **2** asook
sekere vroue[b] wat van bose
geeste en siektes genees was:
Maria, wat Magdale′na genoem
word, uit wie sewe demone uit-
gekom het,[c] **3** en Johanna,[d]
die vrou van Gusa, Herodes se
gevolmagtigde, en Susanna en
baie ander vroue, wat hulle met
hulle besittings bedien het.

**4** En toe ’n groot skare ver-
samel het by dié wat uit die een
stad na die ander na hom toe
gegaan het, het hy deur mid-
del van ’n illustrasie gepraat:[e]
**5** “’n Saaier het uitgegaan om
sy saad te saai. Wel, terwyl hy
gesaai het, het ’n deel daarvan
langs die pad geval en is dit ver-
trap, en die voëls van die hemel
het dit opgeëet.[f] **6** ’n Ander
deel het op die rots geval, en na-
dat dit uitgespruit het, het dit
verdroog omdat dit nie vogtig-
heid gehad het nie.[g] **7** ’n An-
der deel het tussen die dorings
geval, en die dorings wat daar-
mee saam gegroei het, het dit
verstik.[h] **8** ’n Ander deel het
op die goeie grond geval, en na-
dat dit uitgespruit het, het dit
honderdvoudig vrug voortge-
bring.”[i] Terwyl hy hierdie dinge
gesê het, het hy begin uitroep:
“Laat hom wat ore het om te
luister, luister.”[j]

**9** Maar sy dissipels het hom
begin vra wat hierdie illustra-
sie tog kon beteken.[k] **10** Hy
het gesê: “Aan julle word dit ge-
gee om die heilige geheime van
die koninkryk van God te ver-
staan, maar vir die res is dit
in illustrasies,[l] sodat hulle, hoe-
wel hulle kyk, tevergeefs sal
kyk en, hoewel hulle hoor, nie
die betekenis sal verstaan nie.[a]
**11** Die illustrasie[b] beteken dan
nou die volgende: Die saad is
die woord van God.[c] **12** Dié
langs die pad is hulle wat ge-
hoor het;[d] dan kom die Dui-
wel[e] en neem die woord uit hul-
le hart weg sodat hulle nie sal
glo en gered word nie.[f] **13** Dié
op die rots is hulle wat die
woord met vreugde ontvang
wanneer hulle dit hoor, maar
hulle het geen wortel nie; hulle
glo ’n tyd lank, maar in ’n tyd
van beproewing val hulle weg.[g]
**14** Wat dié betref wat tussen
die dorings geval het, dit is hul-
le wat gehoor het, maar om-
dat hulle deur sorge en ryk-
dom en genietinge[h] van hierdie
lewe meegesleep word, word
hulle heeltemal verstik en bring
hulle niks tot volmaaktheid
nie.[i] **15** Wat dié op die goeie
grond betref, dit is hulle wat die
woord, nadat hulle dit met ’n
edel en goeie hart gehoor het,[j]
vashou en met volharding vrug
dra.[k]

**16** “Niemand wat ’n lamp op-
gesteek het, bedek dit met ’n
houer of sit dit onder ’n bed nie,
maar hy sit dit op ’n lampstaan-
der, sodat dié wat binnekom,
die lig kan sien.[l] **17** Want
daar is niks wat weggesteek is[m]
wat nie openbaar sal word nie,
en ook niks wat sorgvuldig ver-
borge is wat nooit bekend sal
word en nooit aan die lig sal
kom nie.[n] **18** Skenk dus aan-
dag aan hoe julle luister; want
elkeen wat het, aan hom sal
meer gegee word,[o] maar elkeen
wat nie het nie, van hom sal
weggeneem word selfs wat hy
dink hy het.”[p]

**19** En sy moeder en broers[q]
het na hom toe gekom, maar
weens die skare kon hulle nie

**HFST. 8**

a Mt 9:35; Lu 4:43
b Mt 27:55; Mr 15:40
c Mr 16:9; Lu 11:26
d Lu 24:10
e Mt 13:3; Mr 4:1
f Mt 13:4; Mr 4:4; Lu 8:12
g Mt 13:5; Mr 4:5; Lu 8:13
h Mt 13:7; Mr 4:7; Lu 8:14
i Mt 13:8; Mr 4:8; Lu 8:15
j Mt 11:15; Mt 13:9; Mr 4:9
k Mt 13:10; Mr 4:10
l Ps 78:2; Mt 13:35; Mr 4:34

**Tweede kol.**

a Jes 6:9; Mt 13:11; Mr 4:11
b Mt 13:18; Mr 4:14
c Han 20:32; 1Pe 1:23
d Jak 1:23
e 2Ko 2:11
f Mt 13:19; Mr 4:15; 1Ko 1:21; 2Ko 4:3
g Mt 13:20; Mr 4:16
h Mt 19:23; 1Ti 6:9; 2Ti 3:4; 2Ti 4:10
i Mt 13:22; Mr 4:18
j Han 16:14
k Mt 13:23; Mr 4:20; Heb 10:36; Op 3:10
l Mt 5:15; Mr 4:21; Lu 11:33; Flp 2:15
m Pr 12:14
n Mt 10:26; Mr 4:22; Lu 12:2; 1Ko 4:5
o Mt 25:23
p Mt 13:12; Mt 25:29; Mr 4:25; Lu 19:26
q Mt 13:55; Joh 7:5; Han 1:14

tot by hom kom nie.[a] **20** Daar
is egter vir hom vertel: "U moe-
der en u broers staan buite en
wil u sien."[b] **21** Hy het geant-
woord en vir hulle gesê: "My
moeder en my broers is dié wat
die woord van God hoor en dit
doen."[c]

**22** In die loop van een van
die dae het hy en sy dissi-
pels in 'n boot geklim, en hy
het vir hulle gesê: "Laat ons
oorvaar na die oorkant van
die meer." Toe het hulle weg-
geseil.[d] **23** Maar terwyl hulle
geseil het, het hy aan die slaap
geraak. En 'n groot windstorm
het op die meer losgebars, en
hulle het vol water begin word
en in gevaar gekom.[e] **24** Uit-
eindelik het hulle na hom toe
gegaan en hom wakker gemaak
en gesê: "Onderrigter, Onder-
rigter, ons staan op die punt
om te vergaan!"[f] Hy het opge-
staan en die wind en die ge-
woed van die water bestraf,[g]
en dit het bedaar, en daar het
'n kalmte gekom. **25** Toe het
hy vir hulle gesê: "Waar is julle
geloof?" Maar hulle was vrees-
bevange en verwonderd en het
vir mekaar gesê: "Wie is hy tog,
want hy beveel selfs die winde
en die water, en dit gehoorsaam
hom?"[h]

**26** En hulle het vasgemeer
in die land van die Gerase-
ners, wat teenoor Galile'a lê.[i]
**27** Maar toe hy op die land uit-
klim, het 'n sekere man uit die
stad hom tegemoetgekom, wat
van demone besete was. En hy
het 'n geruime tyd al nie klere
gedra nie, en hy het nie by die
huis gewoon nie, maar tussen
die grafte.[j] **28** Toe hy Jesus
sien, het hy hard uitgeroep en
voor hom neergeval, en hy het
met 'n harde stem gesê: "Wat
het ek met u te doen,[k] Jesus,
Seun van die Allerhoogste God?
Ek smeek u, moet my nie pynig
nie."[a] **29** (Want hy het die on-
rein gees beveel om uit die man
uit te kom. Want dié het hom
al 'n lang tyd vasgehou,[b] en hy
is herhaaldelik onder bewaking
met kettings en voetboeie ge-
bind, maar hy het die boeie uit-
mekaar geruk en is deur die de-
moon na die eensame plekke
gedryf.) **30** Jesus het hom ge-
vra: "Wat is jou naam?" Hy het
gesê: "Legioen", want baie de-
mone het in hom ingevaar.[c]
**31** En hulle het hom bly soe-
bat[d] om hulle nie te beveel om
in die afgrond[e] in te gaan nie.
**32** En 'n aansienlike trop var-
ke[f] het daar op die berg gewei;
toe het hulle hom gesoebat om
hulle toe te laat om in dié in
te vaar.[g] En hy het hulle toe-
stemming gegee. **33** Toe het
die demone uit die man uitge-
gaan en in die varke ingevaar,
en die trop het oor die krans
gestorm, die meer in, en ver-
drink.[h] **34** Maar toe die wag-
ters sien wat gebeur het, het
hulle gevlug en dit in die stad
en in die buitedistrikte vertel.[i]

**35** Daarop het mense uitge-
kom om te sien wat gebeur
het, en hulle het by Jesus ge-
kom en die man gevind uit wie
die demone uitgekom het, ge-
klee en by sy volle verstand,
waar hy by die voete van Je-
sus sit; en hulle het bevrees ge-
word.[j] **36** Dié wat dit gesien
het, het vir hulle vertel hoe
die demoonbesetene genees
is.[k] **37** Toe het die hele me-
nigte van die omliggende ge-
bied van die Geraseners hom
gevra om van hulle af weg te
gaan, want groot vrees het hul-
le beetgepak.[l] Toe het hy in
die boot geklim en weggegaan.
**38** Die man uit wie die demone

**HFST. 8**
a Mt 12:46 Mr 3:31
b Mt 12:47 Mr 3:32
c Mt 12:50 Mr 3:35 Joh 15:14
d Mt 8:23 Mr 4:36
e Mt 8:24 Mr 4:37
f Mt 8:25 Mr 4:38
g Ps 65:7 Mt 8:26 Mr 4:39
h Mt 8:27 Mr 4:41
i Mt 8:28 Mr 5:1
j Mr 5:2
k Mr 1:24

**Tweede kol.**
a Mt 8:29 Mr 5:7 Lu 4:34
b Mr 9:21 Lu 13:16 Joh 5:6
c Mr 5:9
d Mr 5:10
e Op 20:3
f Le 11:7 De 14:8
g Mt 8:31 Mr 5:12
h Mt 8:32 Mr 5:13
i Mt 8:33 Mr 5:14
j Mt 8:34 Mr 5:15
k Mr 5:16
l Mr 5:17

uitgegaan het, het egter aan-
gehou smeek om by hom te kan
bly; maar hy het die man weg-
gestuur en gesê:[a] **39** "Gaan
terug huis toe, en hou aan om
te vertel wat God vir jou ge-
doen het."[b] Daarop het hy weg-
gegaan en deur die hele stad
verkondig wat Jesus vir hom
gedoen het.[c]

**40** Toe Jesus terugkom, het
die skare hom vriendelik ont-
vang, want hulle almal het hom
verwag.[d] **41** Maar kyk! 'n
man met die naam Jaïrus het
gekom, en hierdie man was 'n
presiderende beampte van die
sinagoge. En hy het voor die
voete van Jesus neergeval en
hom begin soebat om in sy huis
in te kom,[e] **42** want sy enig-
ste dogter van omtrent twaalf
jaar het op sterwe gelê.[f]

Terwyl hy gegaan het,
het die skare om hom saam-
gedrom.[g] **43** En 'n vrou wat
twaalf jaar lank aan bloedvloei-
ing[h] gely het en by niemand ge-
nesing kon vind nie,[i] **44** het
van agter af nader gekom en
aan die fraiings[j] van sy bokleed
geraak,[k] en haar bloedvloei-
ing het oombliklik opgehou.[l]
**45** Toe het Jesus gesê: "Wie het
aan my geraak?"[m] Toe hulle dit
almal ontken, het Petrus gesê:
"Onderrigter, die skare omring
u en dring dig teen u aan."[n]
**46** Tog het Jesus gesê: "Iemand
het aan my geraak, want ek het
gemerk dat krag[o] van my uit-
gegaan het."[p] **47** Toe die vrou
sien dat sy nie ongemerk gebly
het nie, het sy bewend gekom
en voor hom neergeval en voor
al die mense onthul waarom sy
aan hom geraak het en hoe sy
oombliklik gesond geword het.[q]
**48** Maar hy het vir haar gesê:
"Dogter, jou geloof het jou ge-
sond gemaak;[r] gaan in vrede."[s]

**49** Terwyl hy nog gepraat
het, het 'n sekere verteenwoor-
diger van die presiderende be-
ampte van die sinagoge gekom
en gesê: "U dogter het gesterf;
moenie die leermeester langer
lastig val nie."[a] **50** Toe Jesus
dit hoor, het hy hom geant-
woord: "Moenie vrees nie, lê
net geloof aan die dag,[b] en sy
sal gered word." **51** Toe hy
by die huis kom, het hy nie-
mand toegelaat om saam met
hom in te gaan nie, behalwe Pe-
trus en Johannes en Jakobus en
die meisie se vader en moeder.[c]
**52** Maar die mense het almal
gehuil en hulleself in droefheid
oor haar geslaan. Toe het hy ge-
sê: "HOU op huil,[d] want sy het
nie gesterf nie, maar slaap."[e]
**53** Hierop het hulle hom begin
uitlag, want hulle het geweet
dat sy gesterf het.[f] **54** Maar
hy het haar by die hand geneem
en geroep en gesê: "Meisie,
staan op!"[g] **55** En haar gees[h]
het teruggekeer, en sy het oom-
bliklik opgestaan,[i] en hy het be-
veel dat sy iets gegee moet
word om te eet.[j] **56** Wel, haar
ouers was buite hulleself; maar
hy het hulle opdrag gegee om
vir niemand te vertel wat ge-
beur het nie.[k]

**9** Toe het hy die twaalf by-
mekaargeroep en hulle mag
en gesag gegee oor al die de-
mone en om siektes te genees.[l]
**2** En hy het hulle uitgestuur
om die koninkryk van God te
verkondig en om gesond te
maak, **3** en hy het vir hul-
le gesê: "Moet niks vir die reis
saamdra nie, nie staf of voedsel-
sak of brood of silwergeld nie;
moet ook nie twee onderkle-
dingstukke hê nie.[m] **4** Maar
oral waar julle in 'n huis ingaan,
bly daar en vertrek daarvan-

**HFST. 8**
a Mr 5:18, Lu 18:43
b Mr 5:19
c Mr 5:20
d Mr 5:21
e Mt 9:18, Mr 5:22
f Mt 9:18, Mr 5:23
g Mr 5:24
h Le 15:25
i Mt 9:20, Mr 5:25
j Nu 15:38
k Mt 9:21, Mr 5:27
l Le 6:27
m Mr 5:30
n Mr 5:31
o Lu 5:17
p Mr 5:32
q Mr 5:33
r Lu 7:50
s 1Sa 1:17, Mt 9:22, Mr 5:34

**Tweede kol.**
a Mr 5:35
b Mr 5:36, Joh 11:25, Ro 4:17
c Mr 5:37
d Lu 7:13
e Mr 5:39, Joh 11:11, Han 7:60, Han 13:36, 1Ko 7:39
f Mt 9:24, Mr 5:40
g Mr 5:41, Lu 7:14, Joh 11:43
h Ge 2:7, Ge 6:17, Job 33:4, Pr 3:19, Jes 42:5, Op 11:11
i Mr 5:42
j Mr 5:43
k Mr 7:36, Lu 5:14

**HFST. 9**
l Mt 10:1, Mr 3:14, Mr 6:7
m Mt 10:10, Mr 6:8, Lu 10:4

daan.[a] **5** En oral waar mense
julle nie ontvang nie, skud die
stof van julle voete af wanneer
julle uit daardie stad uitgaan,[b]
as ’n getuienis teen hulle.”[c]
**6** Toe het hulle vertrek en deur
die gebied van dorpie tot dorpie
gegaan en oral die goeie nuus
bekend gemaak en genesings
verrig.[d]

**7** En Herodes, die distriks-
heerser, het gehoor van al die
dinge wat gebeur, en hy was
heel dronkgeslaan omdat party
gesê het dat Johannes uit die
dode opgewek is,[e] **8** maar an-
der dat Eli′a verskyn het, maar
nog ander dat een van die eer-
tydse profete opgestaan het.
**9** Herodes het gesê: “Johannes
het ek onthoof.[f] Wie is dit dan
van wie ek sulke dinge hoor?”
En hy het probeer[g] om hom te
sien te kry.

**10** En toe die apostels terug-
keer, het hulle vir hom ver-
tel wat hulle gedoen het.[h] Daar-
op het hy hulle saamgeneem en
weggegaan na ’n stad wat Bet-
sai′da genoem word om alleen
te wees.[i] **11** Maar die skare
het dit te wete gekom en hom
gevolg. En hy het hulle vrien-
delik ontvang en met hulle oor
die koninkryk van God begin
praat,[j] en hy het dié wat ge-
nesing nodig gehad het, gesond
gemaak.[k] **12** Toe het die dag
begin daal. En die twaalf het
nader gekom en vir hom gesê:
“Stuur die skare weg, sodat hul-
le in die dorpies en buitedistrik-
te in die omtrek kan ingaan en
huisvesting kan kry en voedsel
kan vind, want ons is hier op
’n verlate plek.”[l] **13** Maar hy
het vir hulle gesê: “Gee julle vir
hulle iets om te eet.”[m] Hulle het
gesê: “Ons het niks meer as vyf
brode en twee visse[n] nie, ten-
sy ons miskien self voedsel vir
al hierdie mense gaan koop.”[a]
**14** Daar was in werklikheid
omtrent vyfduisend manne.[b]
Maar hy het vir sy dissipels ge-
sê: “Laat hulle gaan sit soos
by maaltye, in groepe van om-
trent vyftig elk.”[c] **15** En hul-
le het dit gedoen en hulle al-
mal laat sit. **16** Toe het hy die
vyf brode en die twee visse ge-
neem, na die hemel opgekyk,
dit geseën en gebreek en vir die
dissipels begin gee om aan die
skare voor te sit.[d] **17** Toe het
hulle almal geëet en versadig
geword, en wat hulle oorgehad
het, is opgetel, twaalf mandjies
brokstukke.[e]

**18** Terwyl hy later besig was
om alleen te bid, het die dissi-
pels by hom saamgekom, en hy
het hulle gevra en gesê: “Wie
sê die skare is ek?”[f] **19** Hul-
le het geantwoord en gesê: “Jo-
hannes die Doper; maar an-
der: Eli′a, en nog ander dat een
van die eertydse profete op-
gestaan het.”[g] **20** Toe het hy
vir hulle gesê: “Maar julle, wie
sê julle is ek?” Petrus het ge-
antwoord en gesê:[h] “Die Chris-
tus[i] van God.” **21** Toe het hy
hulle met streng woorde op-
drag gegee om dit vir niemand
te vertel nie,[j] **22** maar gesê:
“Die Seun van die mens moet
baie lyding ondergaan en ver-
werp word deur die ouer manne
en hoofpriesters en skrifgeleer-
des en doodgemaak word[k] en op
die derde dag opgewek word.”[l]

**23** Toe het hy verder vir al-
mal gesê: “As iemand agter my
aan wil kom, laat hy homself
verloën[m] en dag vir dag sy fol-
terpaal opneem en my voort-
durend volg.[n] **24** Want elkeen
wat sy siel wil red, sal dit ver-
loor; maar elkeen wat sy siel
ter wille van my verloor, hy sal
dit red.[o] **25** Watter nut het

**HFST. 9**

a Mt 10:11; Mr 6:10; Lu 10:5; Lu 10:7
b Lu 10:10
c Ne 5:13; Mt 10:14; Mr 6:11; Han 13:51
d Mt 11:1; Mr 6:12
e Mt 14:2; Mr 6:14; Mr 8:28; Lu 9:19
f Mt 14:3; Mr 6:16
g Lu 23:8
h Mr 6:30
i Mt 14:13
j Han 28:31
k Mt 14:14; Mr 6:34; Joh 6:2
l Ps 78:19; Mt 14:15; Mr 6:35; Joh 6:5
m 2Kn 4:42
n Nu 11:22; Ps 78:19

**Tweede kol.**

a Mt 14:17; Mr 6:38; Joh 6:9
b Mt 14:21; Mr 6:44; Joh 6:10
c Mt 14:19; Mr 6:39; 1Ko 14:40
d Mr 6:41; Joh 6:11
e 2Kn 4:44; Ps 145:15; Mt 14:20; Mr 6:43; Joh 6:13
f Mt 16:13; Mr 8:27
g Mt 16:14; Mr 8:28; Lu 9:7
h Mt 16:15; Mr 8:29
i Mt 16:16; Lu 4:41; Joh 1:41; Joh 6:69
j Mt 16:20; Mr 8:30
k Ps 22:15; Jes 53:5; Jes 53:8; Da 11:22
l Mt 16:21; Mr 8:31; Lu 17:25
m Flp 3:8
n Mt 10:38; Mt 16:24; Mr 8:34; Lu 14:27
o Mt 16:25; Mr 8:35; Joh 12:25; Han 20:24; Op 2:10

dit tog vir ’n mens as hy die
hele wêreld wen, maar homself
verloor of skade ly?[a] **26** Want
elkeen wat hom vir my en vir
my woorde skaam, vir hom sal
die Seun van die mens hom
skaam wanneer hy in sy heer-
likheid en dié van die Vader
en van die heilige engele kom.[b]
**27** Maar ek sê vir julle die
waarheid: Party van dié wat
hier staan, sal glad nie die dood
smaak voordat hulle eers die
koninkryk van God gesien het
nie.”[c]

**28** Trouens, omtrent agt dae
ná hierdie woorde het hy Pe-
trus en Johannes en Jakobus
saamgeneem en teen die berg
opgeklim om te bid.[d] **29** En
terwyl hy gebid het, het die
voorkoms[e] van sy gesig anders
geword, en sy klere het glinste-
rend wit geword.[f] **30** En kyk!
twee manne was in gesprek
met hom; dit was Moses en
Eli′a.[g] **31** Hulle het met heer-
likheid verskyn en begin praat
oor sy vertrek wat hy bestem
was om in Jerusalem te ver-
vul.[h] **32** En Petrus en dié wat
saam met hom was, is deur
die slaap oorval; maar toe hul-
le heeltemal wakker word, het
hulle sy heerlikheid gesien,[i] en
die twee manne wat by hom
staan. **33** En terwyl dié van
hom geskei word, het Petrus,
sonder dat hy besef het wat hy
sê,[j] vir Jesus gesê: “Onderrig-
ter, dit is goed dat ons hier is;
laat ons dan drie tente oprig:
een vir u en een vir Moses en
een vir Eli′a.” **34** Maar terwyl
hy hierdie dinge gesê het, het ’n
wolk gevorm en hulle begin oor-
skadu. Toe hulle in die wolk in-
gaan, het hulle bevrees ge-
word.[k] **35** En ’n stem[l] het uit
die wolk gekom en gesê: “Dit is
my Seun, die een wat uitgekies
is.[a] Luister na hom.”[b] **36** En
terwyl die stem weerklink het,
was Jesus alleen.[c] Maar hulle
het stilgebly en in daardie dae
vir niemand enigiets vertel van
wat hulle gesien het nie.[d]

**37** Die volgende dag, toe hul-
le van die berg afgeklim het,
het ’n groot skare hom tege-
moetgekom.[e] **38** En kyk! ’n
man het uit die skare geroep en
gesê: “Leermeester, ek smeek u
om tog na my seun te kyk,
want hy is my enigste,[f] **39** en
kyk! ’n gees[g] pak hom beet, en
skielik skreeu hy, en hy laat
hom stuiptrekkings kry met
skuim, en nadat hy hom beseer
het, verlaat hy hom nouliks.
**40** En ek het u dissipels ge-
smeek om hom uit te dryf, maar
hulle kon nie.”[h] **41** Jesus het
geantwoord en gesê: “O ongelo-
wige en verdraaide geslag,[i] hoe
lank moet ek by julle bly en jul-
le verdra? Bring jou seun hier-
natoe.”[j] **42** Maar selfs terwyl
hy nader gekom het, het die de-
moon hom op die grond neer-
gegooi en hom hewige stuip-
trekkings laat kry. Jesus het
egter die onrein gees bestraf
en die seun gesond gemaak en
hom aan sy vader teruggegee.[k]
**43** Wel, hulle was almal ver-
stom oor die majestueuse krag[l]
van God.

En terwyl hulle almal ver-
wonderd was oor al die dinge
wat hy gedoen het, het hy vir sy
dissipels gesê: **44** “Neem hier-
die woorde in julle ore op, want
die Seun van die mens is be-
stem om in die hande van die
mense oorgelewer te word.”[m]
**45** Maar hulle het steeds nie
hierdie woord verstaan nie.
Trouens, dit is vir hulle verberg
sodat hulle dit nie sou begryp
nie, en hulle was bang om hom
oor hierdie woord uit te vra.[n]

**HFST. 9**
a Ps 49:6 Mt 16:26 Mr 8:36 Han 1:18 Op 18:7
b Mt 10:33 Mr 8:38 2Ti 2:12
c Mt 16:28 Mr 9:1
d Mt 17:1 Mr 9:2
e Eks 34:29
f Mt 17:2 Mr 9:3
g 2Kn 2:11 Mt 17:3 Mr 9:4
h Lu 9:22 Lu 13:33
i Joh 1:14 2Pe 1:16
j Mt 17:4 Mr 9:5
k Mt 17:5 Mr 9:7
l Lu 3:22 Joh 12:28

**Tweede kol.**
a Ps 2:7 Jes 42:1 2Pe 1:17
b De 18:15 Mt 3:17 Han 3:22
c Mt 17:8 Mr 9:8
d Mt 17:9 Mr 9:9
e Mt 17:14 Mr 9:14
f Mt 17:15 Mr 9:17 Lu 7:12
g Mr 1:26
h Mt 17:16 Mr 9:18
i De 32:5 Ps 78:8
j Mt 17:17 Mr 9:19
k Mr 9:20 Lu 7:15
l Ps 147:5
m Mt 17:22 Mr 9:31 Lu 18:32
n Mr 9:32 Lu 2:50

**46** Toe het ’n redenasie on-
der hulle ontstaan oor wie van
hulle die grootste sou wees.[a]
**47** Jesus, wat die redenering
van hulle hart geken het, het
’n jong kind geneem, hom langs
hom geplaas[b] **48** en vir hulle
gesê: “Elkeen wat hierdie jong
kind op grond van my naam
ontvang, ontvang my ook, en
elkeen wat my ontvang, ont-
vang ook hom wat my uitge-
stuur het.[c] Want wie hom as ’n
mindere onder julle almal ge-
dra,[d] dié is groot.”[e]

**49** Johannes het geantwoord
en gesê: “Onderrigter, ons het
’n sekere man gesien wat de-
mone uitdryf[f] deur u naam te
gebruik en ons het hom probeer
keer,[g] omdat hy u nie saam met
ons volg nie.”[h] **50** Maar Jesus
het vir hom gesê: “Julle moet
hom nie probeer keer nie, want
wie nie teen julle is nie, is vir
julle.”[i]

**51** Terwyl die dae dan nou
nader gekom het dat hy op-
geneem sou word,[j] het hy sy
aangesig vasbeslote daarop ge-
rig om na Jerusalem te gaan.
**52** Toe het hy boodskappers
voor hom uit gestuur. En hulle
het vertrek en in ’n dorpie van
die Samaritane[k] ingegaan om
voorbereidings vir hom te tref;
**53** maar hulle het hom nie ont-
vang nie, omdat sy aangesig
daarop gerig was om na Jerusa-
lem te gaan.[l] **54** Toe die dissi-
pels Jakobus en Johannes[m] dit
sien, het hulle gesê: “Here, wil
u hê ons moet sê dat vuur[n] uit
die hemel neerdaal en hulle ver-
delg?” **55** Maar hy het omge-
draai en hulle bestraf. **56** Toe
het hulle na ’n ander dorpie ge-
gaan.

**57** En terwyl hulle op die
pad gereis het, het iemand vir
hom gesê: “Ek sal u volg waar-
heen u ook al gaan.”[a] **58** En
Jesus het vir hom gesê: “Jakkal-
se het gate en voëls van die he-
mel het slaapplekke, maar die
Seun van die mens het geen
plek om sy kop neer te lê nie.”[b]
**59** Toe het hy vir ’n ander een
gesê: “Word my volgeling.” Die
man het gesê: “Laat my toe
om eers weg te gaan en my
vader te begrawe.”[c] **60** Maar
hy het vir hom gesê: “Laat
die dooies[d] hulle dooies begra-
we, maar gaan jy weg en maak
die koninkryk van God alom
bekend.”[e] **61** En nog ’n ander
een het gesê: “Ek sal u volg,
Here; maar laat my eers toe om
afskeid te neem[f] van dié in my
huis.” **62** Jesus het vir hom
gesê: “Geen mens wat sy hand
aan ’n ploeg geslaan het[g] en na
die dinge kyk wat agter is,[h] is
geskik vir die koninkryk van
God nie.”

**10** Ná hierdie dinge het die
Here sewentig[i] ander
aangewys en hulle twee-twee[j]
voor hom uit gestuur na elke
stad en plek waar hy self sou
kom. **2** Toe het hy vir hulle
begin sê: “Die oes[k] is werklik
groot, maar die werkers[l] is min.
Smeek[m] dan die Heer van die
oes om werkers[n] in sy oes uit te
stuur. **3** Gaan. Kyk! Ek stuur
julle soos lammers[o] onder wol-
we in. **4** Moenie ’n beurs of
’n voedselsak[p] of sandale saam-
dra nie, en moet niemand langs
die pad met ’n omhelsing[q] groet
nie. **5** Oral waar julle in ’n
huis ingaan, sê eers: ‘Mag hier-
die huis vrede hê.’[r] **6** En as
daar ’n vriend van vrede is, sal
julle vrede op hom rus.[s] Maar
so nie, sal dit na julle toe terug-
keer.[t] **7** Bly dan in daardie
huis[u] en eet en drink wat hulle
voorsien,[v] want die werker is sy

**HFST. 9**
a Mt 18:1 Mr 9:33 Lu 22:24
b Mt 18:2 Mr 9:36
c Mr 9:37 Joh 12:44
d Mt 23:11 Ro 12:10
e Spr 18:12 Mt 18:4 Mt 23:12
f Lu 10:17
g Nu 11:28
h Mr 9:38
i Mt 12:30 Lu 11:23 1Ko 12:3 Flp 1:18
j Mr 10:34 Han 1:2 1Ti 3:16
k Lu 10:33 Lu 17:16
l Joh 4:9
m Mr 3:17
n 1Kn 18:38 2Kn 1:10

**Tweede kol.**
a Mt 8:19
b Mt 8:20
c Mt 8:21
d Ef 2:1 1Ti 5:6
e Mt 8:22
f 1Kn 19:20 Lu 14:33
g 1Ko 9:10 1Ko 9:24
h Ge 19:17 Mt 10:37 Flp 3:13

**HFST. 10**
i Eks 24:1 Nu 11:16
j Mr 6:7
k Mt 9:37
l 1Ko 3:9
m 2Te 3:1
n Jer 3:15
o Mt 10:16
p Mt 10:9 Lu 9:3
q 2Kn 4:29
r 1Sa 25:6 Mt 10:12 Lu 9:4 Joh 20:19
s Jak 3:18
t 1Sa 25:10 1Pe 4:14
u Mt 10:11
v De 18:8 1Ko 10:27 Ga 6:6

loon werd.[a] Moenie van huis tot
huis trek nie.[b]
**8** “En oral waar julle in ’n
stad ingaan en hulle julle ont-
vang, eet wat vir julle voorge-
sit word, **9** en genees[c] die sie-
kes daarin, en hou aan om vir
hulle te sê: ‘Die koninkryk[d]
van God het naby julle gekom.’
**10** Maar oral waar julle in ’n
stad ingaan en hulle julle nie
ontvang nie,[e] gaan uit in sy
breë strate en sê: **11** ‘Selfs die
stof wat uit julle stad aan ons
voete gekleef het, vee ons teen
julle af.[f] Hou dít nietemin in ge-
dagte, dat die koninkryk van
God naby gekom het.’ **12** Ek
sê vir julle dat dit vir Sodom[g]
draagliker sal wees in daardie
dag as vir daardie stad.
**13** “Wee jou, Go′rasin![h] Wee
jou, Betsai′da![i] want as die
kragtige werke wat in julle
plaasgevind het, in Tirus en Si-
don plaasgevind het, sou hulle
lankal berou gehad en in sak en
as gesit het.[j] **14** Gevolglik sal
dit vir Tirus en Sidon in die oor-
deel draagliker wees as vir jul-
le.[k] **15** En jy, Kaper′naum, sal
jy miskien tot die hemel verhef
word?[l] Tot in Ha′des[m] sal jy af-
kom!
**16** “Wie na julle luister,[n] luis-
ter na my ook. En wie julle ver-
ontagsaam, verontagsaam my
ook. Wat meer is, wie my ver-
ontagsaam, verontagsaam[o] ook
hom wat my uitgestuur het.”
**17** Toe het die sewentig met
vreugde teruggekeer en ge-
sê: “Here, selfs die demone
word deur die gebruik van
u naam aan ons onderwerp.”[p]
**18** Daarop het hy vir hulle ge-
sê: “Ek het begin sien dat Sa-
tan reeds soos weerlig uit die
hemel geval het.[q] **19** Kyk! Ek
het julle die gesag gegee om
slange[a] en skerpioene[b] met die
voete te vertrap, en oor al die
krag van die vyand,[c] en niks sal
julle hoegenaamd kwaad aan-
doen nie. **20** Julle moet niete-
min nie daaroor bly wees dat
die geeste aan julle onderwerp
word nie, maar wees bly omdat
julle name[d] in die hemele opge-
skryf is.” **21** In daardie selfde
uur het hy begin oorloop van
vreugde[e] in die heilige gees en
gesê: “Ek loof u in die openbaar,
Vader, Here van hemel en aar-
de, omdat u hierdie dinge sorg-
vuldig vir die wyse[f] en intellek-
tuele mense verberg het en dit
aan klein kindertjies geopen-
baar het. Ja, o Vader, want u het
dit goedgevind om só te handel.
**22** Alles is deur my Vader aan
my oorgegee,[g] en niemand weet
wie die Seun is nie, behalwe die
Vader;[h] en niemand weet wie
die Vader is nie, behalwe die
Seun,[i] en hy aan wie die Seun
bereid is om hom te openbaar.”
**23** Daarop het hy na die dis-
sipels alleen omgedraai en ge-
sê: “Gelukkig is die oë wat
die dinge sien wat julle sien.[j]
**24** Want ek sê vir julle: Baie
profete en konings het begeer
om die dinge te sien[k] wat jul-
le sien, maar het dit nie gesien
nie, en om die dinge te hoor wat
julle hoor, maar het dit nie ge-
hoor nie.”
**25** En kyk! ’n sekere man
wat met die Wet vertroud was,[l]
het opgestaan om hom op die
proef te stel en gesê: “Leer-
meester, wat moet ek doen
om die ewige lewe te beërf?”[m]
**26** Hy het vir hom gesê: “Wat
staan in die Wet geskrywe?[n]
Hoe lees jy?” **27** Hy het ge-
antwoord en gesê: “ ‘Jy moet Je-
hovah jou God liefhê met jou
hele hart en met jou hele siel
en met al jou krag en met jou

**HFST. 10**

a Mt 10:10; 1Ko 9:11; 1Ko 9:14; 1Ti 5:18
b Ef 5:15
c Lu 9:2
d Da 2:44; Mt 3:2; Ro 10:8
e Lu 9:5
f Mt 10:14; Han 13:51; Han 18:6
g Klg 4:6; Ese 16:48; Mt 11:24
h Mt 11:21
i Lu 9:10
j Ese 3:6
k Mt 11:22
l Jer 51:53
m Ps 9:17; Jes 14:15; Ese 26:20; Mt 11:23
n Mt 10:40; Mr 9:37; Joh 5:23; Joh 13:20
o Eks 16:8; Joh 12:48; Joh 15:23; 1Te 4:8
p Han 16:18
q Joh 12:31; Joh 16:11; Heb 2:14; Op 12:8

**Tweede kol.**

a Mt 23:33
b Ese 2:6
c Ge 3:15; Ps 91:13
d Eks 32:32; Ps 69:28; Jes 4:3; Da 12:1; Flp 4:3; Heb 12:23; Op 3:5; Op 13:8
e Mt 11:25
f 1Ko 1:19; 1Ko 2:6
g Mt 28:18; Joh 3:35
h Joh 10:15
i Joh 1:18; 2Ko 4:6
j Mt 13:16
k 1Ko 2:9; 1Pe 1:10
l Mt 22:35
m Mt 19:16; Mr 10:17; Lu 18:18
n Le 18:5

hele verstand’,[a] en ‘jou naaste
soos jouself’.”[b] **28** Hy het vir
hom gesê: “Jy het korrek geant-
woord; ‘hou aan om dit te doen
en jy sal die lewe verkry’.”[c]

**29** Maar omdat die man wou
bewys dat hy regverdig is, het
hy vir Jesus gesê: “Wie is dan
my naaste?”[d] **30** Jesus het ge-
antwoord en gesê: “’n Sekere
man het van Jerusalem na Je′-
rigo afgegaan en in die hande
van rowers geval, wat hom uit-
getrek en ook geslaan het, en
hulle het weggegaan en hom
halfdood agtergelaat. **31** En
per toeval het ’n sekere pries-
ter met daardie pad afgegaan,
maar toe hy hom sien, het hy
aan die oorkant verbygegaan.[e]
**32** Net so het ook ’n Leviet, toe
hy by die plek kom en hom sien,
aan die oorkant verbygegaan.[f]
**33** Maar ’n sekere Samaritaan[g]
wat op die pad gereis het, het
op hom afgekom, en toe hy
hom sien, is hy ontroer deur in-
nige jammerte. **34** En hy het
na hom toe gegaan en sy won-
de verbind en olie en wyn daar-
op gegooi.[h] Toe het hy hom op
sy eie dier getel en hom na ’n
herberg gebring en vir hom ge-
sorg. **35** En die volgende dag
het hy twee dena′rii uitgehaal,
dit vir die herbergier gegee en
gesê: ‘Sorg vir hom, en wat jy
ook al meer as dit uitgee, sal ek
jou vergoed wanneer ek hier-
heen terugkom.’ **36** Wie van
hierdie drie, lyk dit vir jou, het
hom die naaste[i] gemaak van die
man wat in die hande van die
rowers geval het?” **37** Hy het
gesê: “Die een wat barmhartig[j]
teenoor hom opgetree het.” Je-
sus het toe vir hom gesê: “Gaan
en doen[k] jy net so.”

**38** En op hulle reis het hy
in ’n sekere dorpie ingegaan.
Hier het ’n sekere vrou met die
naam Marta[a] hom as ’n gas in
die huis ontvang. **39** Hierdie
vrou het ook ’n suster genaamd
Maria gehad, wat egter by die
voete[b] van die Here gaan sit
en na sy woord bly luister het.
**40** Marta daarenteen is afgelei[c]
deurdat sy na baie pligte omge-
sien het. Toe het sy nader ge-
kom en gesê: “Here, gee u nie
om dat my suster my alleen na
alles laat omsien nie?[d] Sê dan
vir haar om my te kom help.”
**41** Die Here het geantwoord en
vir haar gesê: “Marta, Marta, jy
is besorg[e] en verontrus oor baie
dinge.[f] **42** ’n Paar dinge[g] is
egter nodig, of net een. Wat Ma-
ria betref, sy het die goeie deel
gekies,[h] en dit sal nie van haar
weggeneem word nie.”

**11** En toe hy by een geleent-
heid op ’n sekere plek be-
sig was om te bid, het een van
sy dissipels vir hom gesê nadat
hy opgehou het: “Here, leer ons
hoe om te bid,[i] soos Johannes
ook sy dissipels geleer het.”[j]

**2** Toe het hy vir hulle ge-
sê: “Wanneer julle bid,[k] sê: ‘Va-
der, laat u naam geheilig word.[l]
Laat u koninkryk kom.[m]
**3** Gee ons ons brood[n] vir die
dag volgens die dag se vereiste.
**4** En vergewe ons ons sondes,[o]
want ons vergewe ook elkeen
wat by ons in die skuld is;[p]
en bring ons nie in versoeking
nie.’ ”[q]

**5** Verder het hy vir hulle ge-
sê: “Wie van julle sal ’n vriend
hê en sal middernag na hom
toe gaan en vir hom sê: ‘Vriend,
leen my drie brode, **6** want ’n
vriend van my wat op reis is,
het so pas by my aangekom
en ek het niks om vir hom
voor te sit nie’? **7** En dié ant-
woord van binne en sê: ‘Hou
op om my lastig te val.[r] Die

**HFST. 10**

a De 6:5; De 10:12; De 11:22; Jos 22:5; Mr 12:30
b Le 19:18; Mt 19:19; Ro 13:9; Ga 5:14; Jak 2:8
c Le 18:5; Ne 9:29; Ese 20:11; Joh 17:3; Ro 10:5; Ga 3:12
d Lu 16:15
e Job 6:14
f Spr 27:10
g Joh 4:9
h Jes 1:6
i Mt 19:19
j Spr 14:21; Ho 6:6; Mi 6:8
k Lu 6:36; Joh 13:17; Ef 4:32

**Tweede kol.**

a Joh 12:2
b De 33:3; Lu 8:35; Han 22:3
c 1Ko 7:35
d Lu 8:3
e 1Ko 7:32
f Joh 6:27
g Mt 4:4
h Mt 6:33; Joh 6:27

**HFST. 11**

i Jak 4:3
j Lu 5:33
k Mt 6:9
l Le 22:32; De 32:3; Ps 145:21; Jes 5:16; Jes 8:13; Jes 29:23; Ese 36:23
m Da 2:44; Da 7:14; Mt 6:10
n Ps 37:25; Jes 51:14
o Ps 79:9; Da 9:19; Mt 9:6
p Mt 6:14; Mr 11:25; Ef 4:32; Kol 3:13
q Mt 6:13; Lu 22:46; 1Ko 10:13; Jak 1:13; Op 3:10
r Mt 26:10; Mr 14:6

deur is al toegesluit, en my
jong kinders is saam met my
in die bed; ek kan nie opstaan
en vir jou iets gee nie.’ **8** Ek
sê vir julle: Al sal hy nie op-
staan en vir hom iets gee omdat
hy sy vriend is nie, sal hy beslis
weens sy onbeskroomde volhar-
ding[a] opstaan en hom gee wat
hy nodig het. **9** Gevolglik sê
ek vir julle: Hou aan vra,[b] en
vir julle sal gegee word; hou
aan soek,[c] en julle sal vind; hou
aan klop, en vir julle sal oopge-
maak word. **10** Want elkeen
wat vra, ontvang;[d] en elkeen
wat soek, vind; en vir elkeen
wat klop, sal oopgemaak word.
**11** Ja, watter vader onder julle
sal, as sy seun[e] ’n vis vra, hom
miskien ’n slang in plaas van
’n vis gee? **12** Of as hy ook ’n
eier vra, hom ’n skerpioen gee?
**13** As julle, hoewel julle godde-
loos is, dan weet hoe om goeie
gawes aan julle kinders[f] te gee,
hoeveel te meer sal die Vader in
die hemel heilige gees[g] gee aan
dié wat hom vra!”

**14** Later was hy besig om ’n
stom[h] demoon uit te dryf. Na-
dat die demoon uitgekom het,
het die stom man gepraat. En
die skare het hulle verwonder.
**15** Maar sommige van hulle
het gesê: “Hy dryf die demone
uit deur middel van Beël′se-
bub, die heerser van die de-
mone.”[i] **16** Ander wou egter,
om hom te versoek, ’n teken[j] uit
die hemel van hom hê. **17** Hy
het hulle gedagtes geken[k] en
vir hulle gesê: “Elke konink-
ryk wat teen homself verdeeld
is, word verwoes, en ’n huis wat
teen homself verdeeld is, val.[l]
**18** As Satan dan ook teen hom-
self verdeeld is, hoe sal sy ko-
ninkryk bly staan?[m] Want jul-
le sê dat ek die demone deur
middel van Beël′sebub uitdryf.
**19** As ek die demone deur mid-
del van Beël′sebub uitdryf, deur
wie dryf julle seuns hulle uit?[a]
Daarom sal hulle julle regters
wees. **20** Maar as ek die de-
mone deur middel van God se
vinger[b] uitdryf, het die konink-
ryk van God julle werklik in-
gehaal.[c] **21** Wanneer ’n sterk,
goed gewapende man[d] sy paleis
bewaak, bly sy besittings in vre-
de. **22** Maar wanneer iemand
wat sterker[e] is as hy, hom aan-
val en hom oorwin,[f] neem hy
sy volle wapenrusting waarop
hy vertrou het weg, en hy ver-
deel die goed wat hy van hom
gebuit het. **23** Hy wat nie aan
my kant is nie, is teen my, en
hy wat nie saam met my byme-
kaarmaak nie, verstrooi.[g]

**24** “Wanneer ’n onrein gees
uit ’n mens uitkom, trek hy
deur dor plekke op soek na ’n
rusplek, en wanneer hy nie een
gevind het nie, sê hy: ‘Ek sal
teruggaan na my huis waaruit
ek getrek het.’[h] **25** En wan-
neer hy daar aankom, vind
hy dit skoongevee en versier.
**26** Dan gaan hy en neem sewe[i]
ander geeste saam wat boser as
hy self is, en nadat hulle inge-
kom het, woon hulle daar; en
die laaste omstandighede van
dié mens word erger as die eer-
ste.”[j]

**27** En terwyl hy hierdie din-
ge gesê het, het ’n sekere vrou
uit die skare haar stem ver-
hef en vir hom gesê: “Gelukkig
is die moederskoot[k] wat u ge-
dra het en die borste waaraan u
gedrink het!” **28** Maar hy het
gesê: “Nee, gelukkig is eerder
dié wat die woord van God hoor
en dit nakom!”[l]

**29** Toe die skare saam-
stroom, het hy begin sê: “Hier-
die geslag is ’n goddelose ge-

**HFST. 11**
a Lu 18:5
b Ro 12:12
c Mt 7:7
d Ps 50:15; Jer 33:3; Mr 11:24; Joh 15:7; Jak 1:6; 1Jo 3:22; 1Jo 5:14
e Mt 7:9
f 2Ko 12:14
g Jes 44:3; Jak 1:17
h Mt 9:32; Mt 12:22
i Mt 9:34; Mr 3:22
j Mt 12:38; Mr 8:11; 1Ko 1:22
k Joh 2:25
l Mt 12:25; Mr 3:24
m Mr 3:26

**Tweede kol.**
a Mr 9:38; Lu 9:49
b Eks 8:19; Mt 12:28
c Lu 17:21
d Jes 49:24; Mt 12:29; Mr 3:27
e Jes 9:6; Jes 53:12; Kol 2:15; 1Jo 4:4
f Mt 12:29; Mr 3:27
g Mt 12:30; Mr 9:40; Lu 9:50; Joh 11:52
h Mt 12:43
i Lu 8:2
j Mt 12:45; Joh 5:14; 2Pe 2:20
k Lu 1:28; Lu 1:48
l De 29:9; Ps 1:2; Ps 112:1; Ps 119:2; Jes 56:2; Mt 7:21; Jak 1:25

slag; dit soek ’n teken.[a] Maar dit
sal geen teken gegee word nie,
behalwe die teken van Jona.[b]
**30** Want net soos Jona[c] ’n te-
ken vir die Nineviete geword
het, so sal die Seun van die
mens ook vir hierdie geslag
wees. **31** Die koningin[d] van
die suide sal in die oordeel saam
met die mense van hierdie ge-
slag opgewek word en sal hulle
veroordeel; want sy het van die
eindes van die aarde af gekom
om die wysheid van Salomo te
hoor, maar kyk! iets meer[e] as
Salomo is hier. **32** Die mense
van Ni′neve sal in die oordeel
saam met hierdie geslag op-
staan en sal dit veroordeel;
want hulle het berou gehad as
gevolg van wat Jona gepreek
het;[f] maar kyk! iets meer[g] as
Jona is hier. **33** Nadat iemand
’n lamp aangesteek het, sit
hy dit nie in ’n kelder of on-
der ’n maatemmer nie, maar
op die lampstaander,[h] sodat dié
wat binnekom, die lig kan sien.
**34** Die lamp van die liggaam is
jou oog. Wanneer jou oog een-
voudig is, is jou hele liggaam
ook lig;[i] maar wanneer dit god-
deloos is, is jou liggaam ook
donker. **35** Wees dus waak-
saam. Miskien is die lig wat in
jou is duisternis.[j] **36** As jou
hele liggaam dan lig is en geen
enkele deel duister nie, sal dit
in sy geheel so lig[k] wees soos
wanneer ’n lamp jou deur sy
strale lig gee.”

**37** Toe hy dit gesê het, het
’n Fariseër hom versoek om by
hom te kom eet.[l] En hy het
ingegaan en aan tafel gegaan.
**38** Die Fariseër was egter ver-
baas toe hy sien dat hy nie voor
die middagmaal eers gewas het
nie.[m] **39** Maar die Here het
vir hom gesê: “Ja, julle Fari-
seërs, julle maak die buitekant
van die beker en skottel skoon,
maar julle binneste[a] is vol roof
en goddeloosheid.[b] **40** Onre-
delikes! Hy wat die buitekant
gemaak het,[c] het ook die binne-
kant gemaak, nie waar nie?
**41** Gee nietemin die dinge
wat binne-in is as barmhartig-
heidsgawes,[d] en kyk! alle an-
der dinge aangaande julle is
rein. **42** Maar wee julle, Fari-
seërs, want julle gee die tiende[e]
van die kruisement en die wyn-
ruit en van elke ander groen-
tesoort, maar julle sien die ge-
regtigheid en die liefde vir God
oor die hoof! Julle het onder
verpligting gestaan om hierdie
dinge te doen, maar sonder om
die ander na te laat.[f] **43** Wee
julle, Fariseërs, want julle is lief
vir die voorste sitplekke in die
sinagoges en die begroetinge op
die markpleine![g] **44** Wee jul-
le, want julle is soos daardie ge-
denkgrafte wat onherkenbaar
is, sodat die mense daaroor loop
en dit nie weet nie!”[h]

**45** Een van dié wat met die
Wet vertroud was,[i] het geant-
woord en vir hom gesê: “Leer-
meester, deur hierdie dinge te
sê, beledig u ons ook.” **46** Toe
het hy gesê: “Wee julle ook wat
met die Wet vertroud is, want
julle belaai die mense met vrag-
te wat moeilik is om te dra,
maar self raak julle die vrag-
te nie met een van julle vingers
aan nie![j]

**47** “Wee julle, want julle bou
die gedenkgrafte van die pro-
fete, maar julle voorvaders het
hulle doodgemaak![k] **48** Julle
is beslis getuies van die dade
van julle voorvaders en tog
stem julle daarmee in,[l] want
hulle het die profete doodge-
maak,[m] maar julle bou hul-
le grafte. **49** Daarom het die
wysheid[n] van God ook gesê: ‘Ek

**HFST. 11**
a Mt 12:38; 1Ko 1:22
b Mt 16:4
c Jon 1:17; Mt 12:39
d 1Kn 10:1; 2Kr 9:1
e Jes 9:6; Flp 2:10
f Jon 3:5
g Mt 12:41
h Mt 5:15; Mr 4:21; Lu 8:16
i Mt 6:22; Han 26:18; Ef 1:18
j Mt 6:23
k Mt 28:3
l Lu 7:36; Lu 14:1
m Mt 15:2

**Tweede kol.**
a Spr 26:24; Jer 4:14; Tit 1:15
b Mt 23:25
c Mt 23:26
d Lu 12:33; Han 3:3
e Le 27:30
f Mt 23:23; Joh 7:24
g Mt 23:6
h Mt 23:27
i Lu 10:25
j Mt 23:4
k Mt 23:37
l Ro 1:32
m Han 7:52; Heb 11:37
n Spr 1:20; Mt 11:19

sal profete en apostels na hul-
le toe stuur, en hulle sal party
van hulle doodmaak en vervolg,
**50** sodat die bloed van al die
profete[a] wat van die grondleg-
ging van die wêreld af vergiet
is, van hierdie geslag geëis kan
word,[b] **51** van die bloed van
Abel[c] af tot by die bloed van Sa-
gari′a,[d] wat tussen die altaar en
die huis omgebring is.’[e] Ja, ek sê
vir julle, dit sal van hierdie ge-
slag geëis word.

**52** “Wee julle wat met die
Wet vertroud is, want julle het
die sleutel van die kennis weg-
geneem;[f] julle het self nie inge-
gaan nie, en dié wat ingaan, het
julle verhinder!”[g]

**53** En toe hy daarvandaan
uitgaan, het die skrifgeleer-
des en die Fariseërs begin om
vreeslik op hom toe te sak en
hom met vrae oor nog meer
dinge te bestook, **54** terwyl
hulle op die loer gelê het[h] om
iets uit sy mond op te vang.[i]

**12** Toe die skare intussen
by soveel duisende byme-
kaargekom het dat hulle me-
kaar vertrap het, het hy be-
gin deur eers vir sy dissipels
te sê: “Wees op julle hoede
vir die suurdeeg[j] van die Fa-
riseërs, wat huigelary is.[k]
**2** Maar daar is niks sorgvul-
dig weggesteek wat nie ge-
openbaar sal word nie, en ver-
borge wat nie bekend sal word
nie.[l] **3** Wat julle in die duis-
ternis sê, sal derhalwe in die
lig gehoor word, en wat julle
in binnekamers fluister, sal van
die dakke af verkondig word.[m]
**4** Verder sê ek vir julle, my
vriende:[n] Moenie dié vrees wat
die liggaam doodmaak en daar-
na niks meer kan doen nie.[o]
**5** Maar ek sal vir julle aan-
dui wie julle moet vrees: Vrees
hom[a] wat, nadat hy doodge-
maak het, die gesag het om in
Gehen′na te werp.[b] Ja, ek sê vir
julle, vrees[c] Hom. **6** Vyf mos-
sies word vir twee muntstuk-
ke van geringe waarde verkoop,
nie waar nie? Tog word nie
een van hulle voor God vergeet
nie.[d] **7** Maar selfs die hare[e] op
julle kop is almal getel. Moenie
vrees nie; julle is meer werd as
baie mossies.[f]

**8** “Ek sê dan vir julle: Elk-
een wat voor die mense een-
heid met my bely,[g] met hom sal
die Seun van die mens ook een-
heid bely voor die engele van
God.[h] **9** Maar hy wat my voor
die mense verloën,[i] sal voor die
engele van God verloën word.[j]
**10** En elkeen wat ’n woord teen
die Seun van die mens sê, dit
sal hom vergewe word; maar hy
wat teen die heilige gees laster,
sal dit nie vergewe word nie.[k]
**11** Maar wanneer hulle julle
voor openbare vergaderinge en
regeringsamptenare en ower-
hede bring, moet julle julle nie
kwel oor hoe of wat julle ter
verdediging sal spreek of wat
julle sal sê nie;[l] **12** want die
heilige gees[m] sal julle in daardie
selfde uur die dinge leer wat jul-
le behoort te sê.”[n]

**13** Toe het een van die skare
vir hom gesê: “Leermeester, sê
vir my broer om die erfenis met
my te deel.” **14** Hy het vir
hom gesê: “Mens, wie het my as
regter[o] of deler oor julle aange-
stel?” **15** Toe het hy vir hulle
gesê: “Hou julle oë oop en waak
teen elke soort hebsug,[p] want
selfs wanneer iemand oorvloed
het, spruit sy lewe nie voort
uit die dinge wat hy besit nie.”[q]
**16** Daarop het hy vir hulle ’n
illustrasie vertel en gesê: “Die
land van ’n sekere ryk man
het ’n goeie opbrengs gelewer.

**HFST. 11**
a Jes 26:21; Op 18:24
b Eks 20:5; Jer 51:56
c Ge 4:8
d 2Kr 24:20
e 2Kr 24:21
f Mal 2:7
g Mt 23:13; 1Te 2:16
h Ps 37:32
i Mr 12:13; Lu 20:20

**HFST. 12**
j 1Ko 5:8
k Mt 16:6; Mr 8:15
l Pr 12:14; Mt 10:26; Mr 4:22; Lu 8:17; 1Ko 4:5
m Mt 10:27
n Joh 15:14
o Mt 10:28; Han 20:24

**Tweede kol.**
a Ps 119:120; Heb 10:31
b Jes 66:24; Mt 10:28
c Jes 8:13; 1Pe 2:17; Op 14:7
d De 22:6; Mt 10:29
e 1Sa 14:45; 2Sa 14:11; Lu 21:18; Han 27:34
f Mt 10:31; Lu 12:24
g Ro 10:9
h Mt 10:32; Mr 8:38
i Han 3:13
j Lu 9:26; 2Ti 2:12; 1Jo 2:23
k Mt 12:31; Mr 3:29; 1Jo 5:16
l Mt 10:19; Mr 13:11; Lu 21:14
m 1Jo 2:27
n Eks 4:12; Han 6:10; 1Pe 5:7
o Joh 18:36; Han 7:27
p Eks 20:17; De 5:21; Spr 28:16; Kol 3:5
q 1Ti 6:7

**17** Gevolglik het hy by homself
begin redeneer en gesê: ‘Wat sal
ek doen, noudat ek geen plek
het om my oes te versamel nie?’
**18** Toe het hy gesê: ‘Ek sal dít
doen:[a] ek sal my voorraadsku-
re afbreek en groteres bou, en
daar sal ek al my graan en al my
goeie dinge versamel;[b] **19** en
ek sal vir my siel sê:[c] “Siel,
jy het talle goeie dinge wat
vir baie jare weggesit is; ont-
span, eet, drink, wees vrolik.” ’[d]
**20** Maar God het vir hom ge-
sê: ‘Onredelike mens, vannag
eis hulle jou siel van jou op.[e]
Wie gaan dan die dinge kry wat
jy opgegaar het?’[f] **21** So gaan
dit met die mens wat vir hom-
self skatte vergaar, maar nie
ryk is teenoor God nie.”[g]

**22** Toe het hy vir sy dissi-
pels gesê: “Daarom sê ek vir jul-
le: Hou op om julle te kwel oor
julle siel, oor wat julle sal eet,
of oor julle liggaam, oor wat jul-
le sal dra.[h] **23** Want die siel
is meer werd as voedsel en die
liggaam as klere. **24** Let goed
daarop dat die rawe[i] nie saad
saai of oes nie, en hulle het
geen pakhuis of voorraadskuur
nie, en tog voed God hulle. Hoe-
veel meer is julle tog werd as
voëls?[j] **25** Wie van julle kan
deur hom te kwel ’n el by sy le-
wensduur voeg?[k] **26** As julle
dan nie die geringste kan doen
nie, waarom kwel[l] julle julle
dan oor die oorblywende dinge?
**27** Let goed op hoe die lelies
groei;[m] hulle swoeg nie en hul-
le spin nie; maar ek sê vir julle:
Nie eens Salomo in al sy heer-
likheid was soos een van hul-
le geklee nie.[n] **28** As God dan
die plantegroei in die veld, wat
vandag daar is en môre in ’n
oond gegooi word, só klee, hoe-
veel te meer sal hy julle klee,
julle kleingelowiges![o] **29** Hou
dus op om te soek wat julle sal
eet en wat julle sal drink, en
hou op om in angstige spanning
te verkeer;[a] **30** want al hier-
die dinge jaag die nasies van
die wêreld gretig na, maar jul-
le Vader weet dat julle hier-
die dinge nodig het.[b] **31** Maar
soek voortdurend sy konink-
ryk, en hierdie dinge sal vir jul-
le bygevoeg word.[c]

**32** “Moenie vrees nie,[d] klein
kuddetjie,[e] want julle Vader het
dit goedgevind om aan julle die
koninkryk te gee.[f] **33** Ver-
koop[g] die goed wat aan julle be-
hoort en gee barmhartigheids-
gawes.[h] Maak vir julle beurse
wat nie verslyt nie, ’n onuitput-
like skat in die hemele,[i] waar
geen dief naby kom of mot ver-
teer nie. **34** Want waar julle
skat is, daar sal julle hart ook
wees.[j]

**35** “Laat julle lendene[k] om-
gord wees en julle lampe[l] brand,
**36** en wees julle soos mense
wat op hulle heer wag[m] wan-
neer hy van die huwelik terug-
keer,[n] sodat hulle dadelik vir
hom kan oopmaak wanneer hy
daar aankom en klop.[o] **37** Ge-
lukkig is daardie slawe wat die
heer by sy aankoms wakend
vind![p] Voorwaar, ek sê vir jul-
le: Hy sal hom omgord[q] en hulle
aan tafel laat gaan en sal nader
kom en hulle bedien.[r] **38** En
as hy in die tweede waak daar
aankom, of selfs in die derde, en
hulle so vind, gelukkig is hul-
le![s] **39** Maar weet dít, dat as
die huisheer geweet het in wat-
ter uur die dief kom, hy sou
bly waak het en nie sou toege-
laat het dat daar by sy huis inge-
breek word nie.[t] **40** Ook julle
moet julle gereed hou, want die
Seun van die mens kom op ’n
uur wat julle dit nie waarskyn-
lik ag nie.”[u]

**HFST. 12**

a Jak 4:15
b Jak 4:16
c Spr 27:1
d Ps 49:18; Pr 11:9; Lu 16:19; Jak 4:13; Jak 5:5
e Heb 9:27
f Ps 39:6; Ps 52:7; Jer 17:11; Jak 4:14
g Mt 6:20; 1Ti 6:18; Jak 2:5
h Mt 6:25; Ro 14:17; Flp 4:6
i Job 38:41; Ps 147:9
j Mt 6:26; Lu 12:7
k Mt 6:27
l Mt 6:34
m Mt 6:28
n 1Kn 10:4; 2Kr 9:3; Mt 6:29
o Mt 6:30

**Tweede kol.**

a Mt 6:31
b 2Kr 16:9; Jes 65:24; Mt 6:32; Flp 4:19
c Ps 34:10; Jes 33:16; Mt 6:33; 1Ti 4:8
d Jes 41:14
e Joh 10:16
f Da 7:27; Lu 22:29; Heb 12:28; Jak 2:5; Op 1:6
g Mt 19:21; Lu 18:22; Han 2:45; Han 4:34
h Lu 11:41; Lu 16:9
i Mt 6:20; 1Ti 6:19
j Mt 6:21
k Eks 12:11; 1Kn 18:46; Spr 31:17; Ef 6:14; 1Pe 1:13
l Mt 25:1; Flp 2:15
m Mr 13:35
n Mt 25:5
o Op 3:20
p Mt 24:46; Mt 25:10
q Joh 13:4
r Mt 20:28; 2Ti 4:8
s Mr 13:35
t Mt 24:43; 1Te 5:2; 2Pe 3:10; Op 16:15
u Mt 24:44; Mt 25:13; Mr 13:13; 2Pe 3:12; Op 3:3

**41** Toe het Petrus gesê:
“Here, vertel u hierdie illustra-
sie vir ons of ook vir almal?”
**42** En die Here het gesê: “Wie
is werklik die getroue bestuur-
der,[a] die verstandige,[b] wat sy
heer oor sy liggaam van be-
diendes sal aanstel om hulle
op die regte tyd hulle deel
van die voedsel te bly gee?[c]
**43** Gelukkig is daardie slaaf as
sy heer hom by sy aankoms
daarmee besig vind![d] **44** Ek
sê vir julle die waarheid: Hy
sal hom oor al sy besittings
aanstel.[e] **45** Maar as daardie
slaaf ooit in sy hart sou sê:
‘My heer talm om te kom’,[f] en
sou begin om die diensknegte
en die diensmeisies te slaan, en
om te eet en te drink en dronk
te word,[g] **46** sal die heer van
daardie slaaf kom op ’n dag
dat hy hom nie verwag nie en
in ’n uur wat hy nie weet nie,[h]
en hy sal hom met die groot-
ste strengheid straf en hom
’n deel by die ontroues toe-
wys.[i] **47** Dan sal daardie slaaf
wat die wil van sy heer ver-
staan het, maar nie gereedge-
maak het of in ooreenstem-
ming met sy wil gehandel het
nie, met baie slae geslaan word.[j]
**48** Maar die een wat nie ver-
staan het nie[k] en dus dinge ge-
doen het wat slae verdien, sal
met min slae geslaan word.[l] Ja,
van elkeen aan wie baie ge-
gee is, sal baie geëis word;[m] en
van die een aan wie mense be-
heer oor baie gegee het, sal hul-
le meer as gewoonlik eis.[n]

**49** “Ek het gekom om ’n
vuur[o] op die aarde te maak, en
wat bly vir my oor om te wens
as dit reeds aangesteek is?
**50** Ja, ek het ’n doop om mee
gedoop te word, en hoe benoud
word ek totdat dit volbring is![p]
**51** Dink julle ek het gekom
om vrede op die aarde te gee?
Nee, beslis nie, sê ek vir jul-
le, maar eerder verdeeldheid.[a]
**52** Want van nou af sal daar
vyf in een huis verdeeld wees,
drie teen twee en twee teen
drie.[b] **53** Hulle sal verdeeld
wees: vader teen seun en seun
teen vader, moeder teen dog-
ter en dogter teen haar moeder,
skoonmoeder teen haar skoon-
dogter en skoondogter teen
haar skoonmoeder.”[c]

**54** Toe het hy ook vir die ska-
re gesê: “Wanneer julle ’n wolk
in die westelike streke sien op-
kom, sê julle dadelik: ‘Daar kom
’n storm’, en dit gebeur ook
so.[d] **55** En wanneer julle sien
dat ’n suidewind waai, sê jul-
le: ‘Daar sal ’n hittegolf wees’,
en dit gebeur. **56** Huigelaars,
julle weet hoe om die voor-
koms van die aarde en die lug
te beoordeel, maar hoe is dit
dat julle nie weet hoe om hier-
die besondere tyd te beoordeel
nie?[e] **57** Waarom oordeel jul-
le nie ook vir julleself wat reg-
verdig is nie?[f] **58** Wanneer jy
byvoorbeeld met jou teenstan-
der in ’n regsgeding na ’n heer-
ser toe gaan, moet jy op pad
moeite doen om die geskil met
hom uit die weg te ruim, so-
dat hy jou nie miskien voor
die regter sal sleep en die reg-
ter jou aan die geregsbeampte
oorlewer en die geregsbeampte
jou in die gevangenis gooi nie.[g]
**59** Ek sê vir jou: Jy sal beslis
nie daar uitkom totdat jy die
laaste muntstukkie van baie
min waarde terugbetaal het
nie.”[h]

**13** In daardie selfde tyd was
daar sommige teenwoor-
dig wat vir hom vertel het van
die Galileërs[i] wie se bloed Pi-
latus met hulle offerandes ge-

**HFST. 12**
a Ge 24:2, 1Ko 4:2, 2Te 2:15, 1Pe 4:10
b Ge 41:33, De 1:13
c Mt 24:45, Mt 25:21, Lu 19:17
d Mt 24:46
e Mt 24:47
f Mt 24:48
g Mt 24:49
h Mt 24:50
i Mt 24:51, Op 21:8
j De 25:2, Joh 9:41, Jak 1:22, Jak 4:17
k Le 5:17
l 1Ti 1:13
m Mt 25:29
n Joh 15:2
o Mt 10:34
p Mt 20:22, Mr 10:38, Joh 12:27

**Tweede kol.**
a Mi 7:6, Mt 10:34, Joh 7:43, Joh 9:16
b Mt 10:36
c Mt 10:35
d Mt 16:2
e Mt 16:3, Lu 19:42
f Lu 21:30, 1Ko 6:5
g Spr 25:8, Mt 5:25
h Mt 18:34, Mr 12:42

**HFST. 13**
i Han 5:37

meng het. **2** Toe het hy geant-
woord en vir hulle gesê: “Dink
julle dat hierdie Galileërs gro-
ter sondaars[a] was as al die an-
der Galileërs omdat hulle hier-
die dinge gely het? **3** Nee,
beslis nie, sê ek vir julle; maar
tensy julle berou het, sal jul-
le almal net so omkom.[b] **4** Of
daardie agtien op wie die toring
in Silo′am geval en hulle gedood
het—dink julle dat hulle groter
skuldenaars was as al die ander
mense wat in Jerusalem woon?
**5** Nee, beslis nie, sê ek vir jul-
le; maar tensy julle berou het,
sal julle almal op dieselfde wyse
omkom.”[c]

**6** Toe het hy hierdie illus-
trasie vertel: “ ’n Sekere man
het ’n vyeboom gehad wat in
sy wingerd geplant was,[d] en hy
het vrugte daaraan kom soek,[e]
maar niks gevind nie.[f] **7** Toe
het hy vir die wingerdarbeider
gesê: ‘Dit is nou al drie jaar[g] dat
ek vrugte aan hierdie vyeboom
kom soek, maar niks vind nie.
Kap dit af![h] Waarom moet dit
die grond dan nutteloos hou?’
**8** Hy het geantwoord en vir
hom gesê: ‘Heer, laat staan dit[i]
ook hierdie jaar, totdat ek daar-
om spit en mis gooi; **9** en as
dit dan in die toekoms vrugte
voortbring, goed en wel; maar
so nie, moet u dit afkap.’ ”[j]

**10** En hy het op die sabbat
in een van die sinagoges geleer.
**11** En kyk! ’n vrou wat ag-
tien jaar lank ’n gees[k] van
swakheid gehad het, en sy was
krom getrek en kon glad nie
regop kom nie. **12** Toe Jesus
haar sien, het hy haar aange-
spreek en vir haar gesê: “Vrou,
jy is van jou swakheid bevry.”[l]
**13** En hy het haar die hande
opgelê; en sy het oombliklik
orent gekom[m] en God begin
verheerlik. **14** Maar in reak-
sie hierop het die presideren-
de beampte van die sinagoge,
wat verontwaardig was omdat
Jesus die genesing op die sab-
bat verrig het, vir die skare be-
gin sê: “Daar is ses dae waar-
op werk gedoen behoort te
word;[a] kom dan daarop om ge-
nees te word, en nie op die sab-
batdag nie.”[b] **15** Die Here het
hom egter geantwoord en gesê:
“Huigelaars,[c] maak elkeen van
julle nie op die sabbat sy bul of
sy esel uit die stal los en lei hom
weg om hom te laat drink nie?[d]
**16** Was dit dan nie gepas dat
hierdie vrou, wat ’n dogter van
Abraham is,[e] en wat Satan,
kyk! agtien jaar lank gebind ge-
hou het, op die sabbatdag van
hierdie band verlos word nie?”
**17** Wel, toe hy hierdie dinge
sê, het al sy teenstanders be-
skaamd geraak;[f] maar die hele
skare het bly geword oor al die
glorieryke dinge wat deur hom
gedoen is.[g]

**18** Daarom het hy verder ge-
sê: “Soos wat is die koninkryk
van God, en waarmee sal ek dit
vergelyk?[h] **19** Dit is soos ’n
mosterdsaadjie wat ’n man ge-
neem en in sy tuin geplant het,
en dit het gegroei en ’n boom
geword, en die voëls van die he-
mel[i] het in sy takke gaan bly.”[j]

**20** En weer het hy gesê:
“Waarmee sal ek die konink-
ryk van God vergelyk? **21** Dit
is soos suurdeeg, wat ’n vrou
geneem en in drie groot mate
meel verberg het totdat die hele
massa deursuur was.”[k]

**22** En hy het van stad tot
stad en van dorpie tot dor-
pie gereis, terwyl hy geleer en
sy reis na Jerusalem voortge-
sit het.[l] **23** En ’n sekere man
het vir hom gesê: “Here, is dié
wat gered word min?”[m] Hy het
vir hulle gesê: **24** “Span julle

**HFST. 13**
a Joh 9:2
b Han 3:19
c Ese 18:30
d Jes 5:1
e Hab 3:17, Mr 11:13
f Mt 21:19
g Le 19:23
h Joh 15:2
i Eks 32:11, Jl 2:17
j 2Pe 3:9
k Han 16:16
l Jes 61:1, Lu 4:18
m Lu 4:39

**Tweede kol.**
a Eks 20:9, Eks 23:12, Eks 35:2
b De 5:14, Mt 12:10, Mr 3:2, Joh 5:16
c Mt 23:28, Lu 12:1
d Lu 14:5
e Lu 19:9
f 1Pe 3:16
g Lu 9:43
h Mt 13:31, Mr 4:30
i Ese 17:23, Ese 31:6, Da 4:12
j Mt 13:32, Mr 4:32
k Mt 13:33
l Mt 9:35, Mr 6:6
m Mt 7:14, Mt 19:25

kragtig in[a] om deur die nou
deur in te gaan,[b] want baie, sê
ek vir julle, sal probeer ingaan,
maar sal nie in staat wees nie,[c]
**25** wanneer die huisheer een-
maal opgestaan en die deur ge-
sluit het en julle begin om bui-
te te staan en aan die deur te
klop en te sê: ‘Meneer, maak
vir ons oop.’[d] Maar hy sal ant-
woord en vir julle sê: ‘Ek weet
nie waar julle vandaan kom
nie.’[e] **26** Dan sal julle begin
sê: ‘Ons het voor u geëet en ge-
drink, en u het in ons breë
strate geleer.’[f] **27** Maar hy sal
praat en vir julle sê: ‘Ek weet
nie waar julle vandaan kom nie.
Gaan weg van my af, al julle
werkers van onregverdigheid!’[g]
**28** Dáár sal julle gehuil en die
gekners van julle tande[h] wees,
wanneer julle Abraham en Isak
en Jakob en al die profete in
die koninkryk van God sien,[i]
maar dat julle self buite gewerp
is. **29** Daarbenewens sal daar
mense uit oostelike en westeli-
ke streke kom, en uit die noorde
en die suide,[j] en in die konink-
ryk van God aan tafel gaan.[k]
**30** En kyk! daar is laastes wat
eerste sal wees, en daar is eer-
stes wat laaste sal wees.”[l]

**31** In daardie selfde uur het
sekere Fariseërs nader gekom
en vir hom gesê: “Gaan weg en
vertrek hiervandaan, want He-
rodes wil u doodmaak.” **32** En
hy het vir hulle gesê: “Gaan sê
vir daardie jakkals:[m] ‘Kyk! Van-
dag en môre dryf ek demone uit
en verrig ek genesings, en die
derde dag sal ek klaar wees.’[n]
**33** Nietemin moet ek vandag
en môre en oormôre verder
gaan, want dit is nie toelaat-
baar dat ’n profeet buite Jeru-
salem doodgemaak word nie.[o]
**34** Jerusalem, Jerusalem, wat
die profete doodmaak[p] en dié
stenig[a] wat na haar gestuur is
—hoe dikwels wou ek jou kin-
ders bymekaarmaak soos ’n hen
haar broeisel kuikens onder
haar vlerke bymekaarmaak,[b]
maar julle wou nie![c] **35** Kyk!
Julle huis[d] word vir julle verlate
agtergelaat. Ek sê vir julle: Jul-
le sal my hoegenaamd nie sien
nie totdat julle sê: ‘Geseënd is
hy wat in Jehovah se naam
kom!’ ”[e]

**14** En toe hy by een geleent-
heid op die sabbat in die
huis van een van die heersers
van die Fariseërs ingaan om
daar te eet,[f] het hulle hom fyn
dopgehou.[g] **2** En kyk! daar
was ’n sekere man voor hom
wat aan watersug gely het.
**3** Daarop het Jesus met dié
wat met die Wet vertroud was
en met die Fariseërs gepraat
en gesê: “Is dit op die sab-
bat geoorloof om te genees of
nie?”[h] **4** Maar hulle het stilge-
bly. Daarop het hy die man ge-
neem, hom gesond gemaak en
weggestuur. **5** En hy het vir
hulle gesê: “Wie van julle sal, as
sy seun of bul in ’n put val,[i] hom
nie onmiddellik op die sabbat-
dag uittrek nie?”[j] **6** En hulle
kon nie op hierdie dinge ant-
woord nie.[k]

**7** Hy het vir die genooides ’n
illustrasie vertel toe hy merk
hoe hulle vir hulleself die ver-
naamste plekke kies en het
vir hulle gesê:[l] **8** “Wanneer jy
deur iemand na ’n huweliksfees
genooi word, moet jy nie die
vernaamste plek inneem nie.[m]
Miskien is iemand wat verna-
mer as jy is terselfdertyd deur
hom genooi, **9** en hy wat jou
en hom genooi het, sal kom en
vir jou sê: ‘Staan die plek aan
hierdie man af.’ En dan sal jy
met skaamte die geringste plek

**HFST. 13**
a Jes 55:6
b Mt 7:13; Flp 3:12
c Joh 7:34; Ro 9:31; 1Ti 6:12
d Mt 25:11; Lu 6:46
e Ps 32:6; Jes 55:6
f Mt 7:22; Tit 1:16
g Ps 6:8; Mt 7:23
h Jes 65:14; Mt 8:12; Mt 13:42
i Mt 8:11
j Ge 28:14; Ps 107:3; Jes 49:12; Jes 59:19
k Lu 14:15; Lu 22:16; Han 2:39; Op 5:9
l Mt 19:30; Mr 10:31
m Sef 3:3
n Heb 2:10
o Mt 16:21
p Ne 9:26; Jes 1:21

**Tweede kol.**
a 2Kr 24:21
b Jes 40:11
c Mt 23:37
d Le 26:31; 1Kn 9:7; Ps 69:25; Jes 1:7; Jer 12:7; Jer 22:5; Mi 3:12
e Ps 118:26; Mt 21:9; Mt 23:39; Lu 19:38; Joh 12:13

**HFST. 14**
f Lu 7:36; Lu 11:37
g Ps 37:32; Jer 20:10
h Mt 12:10; Lu 6:9; Lu 13:15; Joh 7:23
i Eks 23:5; De 22:4
j Mt 12:11; Lu 13:15
k Mt 22:46
l Mt 23:6; Lu 11:43; Lu 20:46
m Spr 25:6

gaan inneem.[a] **10** Maar wan-
neer jy genooi word, moet jy die
geringste plek gaan inneem,[b]
sodat wanneer die man kom
wat jou genooi het, hy vir jou
sal sê: ‘Vriend, gaan hoër op.’
Dan sal jy eer voor al jou me-
degaste hê.[c] **11** Want elkeen
wat hom verhef, sal verneder
word, en hy wat hom verneder,
sal verhef word.”[d]

**12** Daarna het hy ook vir die
man wat hom genooi het, be-
gin sê: “Wanneer jy ’n mid-
dag- of aandete gee, moet jy
nie jou vriende of jou broers
of jou familielede of ryk bure
roep nie. Miskien nooi hulle jou
ook weer die een of ander tyd
en dan sal dit vir jou ’n vergoe-
ding word. **13** Maar wanneer
jy ’n feesmaal gee, nooi armes,
kreupeles, verlamdes, blindes;[e]
**14** en jy sal gelukkig wees, om-
dat hulle niks het om jou mee te
vergoed nie. Want jy sal in die
opstanding[f] van die regverdi-
ges vergoed word.”

**15** Toe een van die medegas-
te hierdie dinge hoor, het hy
vir hom gesê: “Gelukkig is hy
wat in die koninkryk van God
brood eet.”[g]

**16** Jesus het vir hom gesê:
“ ’n Sekere man het ’n groot
aandmaal gegee, en hy het baie
genooi.[h] **17** En hy het sy slaaf
op die uur van die aandmaal
uitgestuur om vir die genooides
te sê: ‘Kom,[i] want alles is nou
gereed.’ **18** Maar hulle het al-
mal eenparig begin vra om ver-
skoon te word.[j] Die eerste het
vir hom gesê: ‘Ek het ’n saai-
land gekoop en moet uitgaan
om daarna te kyk; ek vra u: Ver-
skoon my.’[k] **19** En ’n ander
een het gesê: ‘Ek het vyf paar
beeste gekoop en gaan om hul-
le te ondersoek; ek vra u: Ver-
skoon my.’[l] **20** Nog ’n ander
een het gesê: ‘Ek het so pas ’n
vrou getrou[a] en daarom kan ek
nie kom nie.’ **21** Toe het die
slaaf gekom en hierdie dinge
vir sy heer vertel. Toe het die
huisheer toornig geword en vir
sy slaaf gesê: ‘Gaan gou uit na
die breë strate en die gangetjies
van die stad en bring die armes
en kreupeles en blindes en ver-
lamdes hier in.’[b] **22** Na ’n ruk
het die slaaf gesê: ‘Heer, wat u
beveel het, is gedoen, en daar
is nog steeds plek.’ **23** En die
heer het vir die slaaf gesê:
‘Gaan uit na die paaie[c] en die
omheinde plekke en dwing hul-
le om in te kom, sodat my huis
vol kan word.[d] **24** Want ek sê
vir julle: Nie een van daardie
manne wat genooi is, sal my
aandmaal proe nie.’ ”[e]

**25** En groot menigtes het
saam met hom gereis, en hy
het omgedraai en vir hulle ge-
sê: **26** “As iemand na my toe
kom en nie sy vader en moeder
en vrou en kinders en broers en
susters, ja, en selfs sy eie siel,
haat nie,[f] kan hy nie my dissi-
pel wees nie.[g] **27** Elkeen wat
nie sy folterpaal dra en agter
my aan kom nie, kan nie
my dissipel wees nie.[h] **28** By-
voorbeeld, wie van julle wat ’n
toring wil bou, gaan nie eers
sit en die koste bereken,[i] om te
sien of hy genoeg het om dit
te voltooi nie? **29** Anders lê
hy miskien die fondament daar-
van, maar is hy nie in staat om
dit klaar te maak nie, en almal
wat dit sien, sal hom dalk begin
spot **30** en sê: ‘Hierdie man
het begin bou, maar was nie in
staat om dit klaar te maak nie.’
**31** Of watter koning wat opruk
om teen ’n ander koning oor-
log te voer, gaan nie eers sit en
beraadslaag of hy met tiendui-
send troepe opgewasse is teen

**HFST. 14**
a Spr 25:7
b Mt 23:12; Lu 18:14
c Spr 15:33; Jak 4:10; 1Pe 5:5
d Ps 18:27; Spr 29:23; Mt 23:12; Jak 4:6
e Ne 8:10; Job 31:16; Spr 3:28
f Joh 5:29; Joh 11:24; Han 24:15
g Lu 13:29; Op 19:9
h Mt 22:2
i Spr 9:5
j Mt 22:3
k Mt 6:24; Lu 8:14; 1Ti 6:9; 2Ti 4:10
l Mt 22:5

**Tweede kol.**
a De 24:5; 1Ko 7:33
b Mt 22:9; Mt 28:19; Han 13:46; 1Ko 1:26
c Mt 22:10
d 2Ko 5:20
e Mt 21:43; Mt 22:8; Heb 3:19
f Op 12:11
g De 33:9; Mt 10:37; Lu 18:29; Joh 12:25
h Mt 16:24; Mr 8:34; Lu 9:23; Ga 6:14
i Spr 24:27; Mt 21:33

die een wat met twintigduisend
teen hom kom nie?[a] **32** As hy
dit dan nie kan doen nie, stuur
hy ’n groep ambassadeurs uit
terwyl die ander een nog ver
weg is en vra vrede.[b] **33** Jy
kan derhalwe daarvan seker
wees dat geeneen van julle wat
nie van al sy besittings afskeid
neem,[c] my dissipel kan wees
nie.

**34** “Sout is ongetwyfeld goed.
Maar as selfs die sout sy krag
verloor, waarmee sal dit smaak-
lik gemaak word?[d] **35** Dit is
nie geskik as grond of as be-
mesting nie. Mense gooi dit bui-
te. Laat hom wat ore het om te
luister, luister.”[e]

**15** En al die belastinggaar-
ders[f] en die sondaars[g]
het na hom toe bly kom om
na hom te luister. **2** Gevolglik
het die Fariseërs sowel as die
skrifgeleerdes aanhoudend ge-
brom en gesê: “Hierdie man ver-
welkom sondaars en eet saam
met hulle.”[h] **3** Toe het hy vir
hulle hierdie illustrasie vertel
en gesê: **4** “Watter man onder
julle wat honderd skape het, sal
nie, wanneer hy een van hulle
verloor, die nege-en-negentig in
die wildernis laat staan en die
een wat verlore is, gaan soek
totdat hy dit vind nie?[i] **5** En
wanneer hy dit gevind het, sit
hy dit met blydskap op sy skou-
ers.[j] **6** En wanneer hy by die
huis kom, roep hy sy vriende
en sy bure bymekaar en sê vir
hulle: ‘Wees saam met my bly,
want ek het my skaap gevind
wat verlore was.’[k] **7** Ek sê vir
julle dat daar net so in die he-
mel meer vreugde sal wees oor
een sondaar wat berou het[l] as
oor nege-en-negentig regverdi-
ges wat geen berou nodig het
nie.[m]

**8** “Of watter vrou wat tien
dragmas het, steek nie, as sy
een dragma verloor, ’n lamp
aan en vee haar huis uit en soek
sorgvuldig totdat sy dit vind
nie? **9** En wanneer sy dit ge-
vind het, roep sy haar vrien-
dinne en buurvroue bymekaar
en sê: ‘Wees saam met my bly,
want ek het die dragma gevind
wat ek verloor het.’ **10** Net
so, sê ek vir julle, ontstaan daar
vreugde onder die engele van
God oor een sondaar wat berou
het.”[a]

**11** Toe het hy gesê: “ ’n Seke-
re man het twee seuns gehad.[b]
**12** En die jongste van hulle
het vir sy vader gesê: ‘Vader,
gee my die deel van die eien-
dom wat my toekom.’[c] Toe het
hy sy middele vir lewenson-
derhoud tussen hulle verdeel.[d]
**13** Later, nie baie dae daarna
nie, het die jongste seun al-
les bymekaargemaak en na die
buiteland gereis, na ’n ver land,
en daar sy eiendom verkwis
deur ’n losbandige lewe te lei.[e]
**14** Toe hy alles deurgebring
het, het daar ’n swaar honger-
snood in daardie hele land voor-
gekom, en hy het gebrek begin
ly. **15** Hy het hom selfs aan
een van die burgers van daar-
die land gaan verbind, en hy het
hom na sy veld gestuur om var-
ke op te pas.[f] **16** En hy het be-
geer om versadig te word met
die karobpeule wat die varke
geëet het, en niemand het hom
enigiets gegee nie.[g]

**17** “Toe hy tot besinning
kom, het hy gesê: ‘Hoeveel
huurlinge van my vader het
brood in oorvloed, terwyl ek
hier van die honger vergaan!
**18** Ek sal opstaan en na my va-
der toe reis[h] en vir hom sê: “Va-
der, ek het teen die hemel en
teen u gesondig.[i] **19** Ek is nie

HFST. 14
a Spr 20:18
b Jes 33:7
c Mt 19:27; Lu 9:62; Flp 3:7
d Mt 5:13; Mr 9:50; Kol 4:6
e Mt 13:43; Mr 4:9; Op 2:29

HFST. 15
f Mt 9:10; Mr 2:15; Lu 5:29; Lu 19:2
g 1Ti 1:15
h Mt 9:11; Lu 5:30; Han 11:3
i Ese 34:11; Mt 18:12; Lu 19:10; 1Pe 2:25
j Mt 18:13
k Mt 18:14; Ro 12:15; 1Pe 2:25
l Ese 33:11; Lu 5:32
m Spr 30:12

Tweede kol.
a Mt 9:13; Mr 2:17
b Mt 21:28
c De 21:17
d Spr 13:22
e Spr 29:3; Lu 15:30
f Le 11:7
g Spr 23:21
h Ef 4:17; 1Pe 4:3
i 2Kr 7:14; Ps 32:5; Spr 28:13; Lu 18:13; 1Jo 1:9

meer werd om u seun genoem
te word nie. Maak my soos
een van u huurlinge." ' **20** En
hy het opgestaan en na sy va-
der toe gegaan. Terwyl hy nog
'n hele ent weg was, het sy va-
der hom gesien en is hy ont-
roer deur innige jammerte, en
hy het gehardloop en hom om
die hals geval en hom teer ge-
soen. **21** Daarop het die seun
vir hom gesê: 'Vader, ek het
teen die hemel en teen u geson-
dig.[a] Ek is nie meer werd om u
seun genoem te word nie. Maak
my soos een van u huurlinge.'[b]
**22** Maar die vader het vir sy
slawe gesê: 'Maak gou! Bring 'n
kleed, die beste, en trek dit vir
hom aan,[c] en sit 'n ring[d] aan sy
hand en sandale aan sy voete.
**23** En bring die vetgemaakte[e]
jong bul, slag dit en laat ons eet
en vrolik wees, **24** want hier-
die seun van my was dood en
het weer lewend geword;[f] hy
was verlore en is gevind.' En
hulle het vrolik begin word.

**25** "En sy oudste seun[g] was
op die land; en toe hy kom en
die huis nader, het hy 'n mu-
siekkonsert en gedans gehoor.
**26** Toe het hy een van die kneg-
te na hom toe geroep en ge-
vra wat hierdie dinge beteken.
**27** Hy het vir hom gesê: 'U
broer het gekom,[h] en u vader[i]
het die vetgemaakte jong bul
geslag, omdat hy hom gesond
teruggekry het.' **28** Maar hy
het toornig geword en wou nie
ingaan nie. Toe het sy vader
uitgekom en hom begin soebat.[j]
**29** Hy het geantwoord en vir sy
vader gesê: 'Kyk, ek dien u al
soveel jare soos 'n slaaf en ek
het nog nooit u gebod oortree
nie, en tog het u nog nooit
vir my 'n boklam gegee sodat
ek saam met my vriende vro-
lik kon wees nie.[a] **30** Maar die
oomblik toe hierdie seun[b] van u
wat u middele vir lewensonder-
houd saam met hoere opgeëet
het,[c] hier aankom, het u die vet-
gemaakte jong bul vir hom ge-
slag.'[d] **31** Toe het hy vir hom
gesê: 'Kind, jy was altyd by my,
en alles wat myne is, is joune;[e]
**32** maar ons moes eenvoudig
vrolik en bly wees, want hierdie
broer van jou was dood en het
lewend geword, en hy was ver-
lore en is gevind.' "[f]

**16** Toe het hy ook vir die
dissipels gesê: " 'n Sekere
man was ryk en het 'n bestuur-
der gehad,[g] en dié is by hom
daarvan beskuldig dat hy ver-
kwistend met sy goed werk.[h]
**2** Toe het hy hom geroep en
vir hom gesê: 'Wat is dit wat
ek van jou hoor? Gee reken-
skap[i] van jou bestuur, want jy
kan nie langer die huis bestuur
nie.' **3** Toe het die bestuurder
by homself gesê: 'Wat moet ek
doen, aangesien my heer[j] die
bestuurderskap van my af sal
wegneem? Ek is nie sterk ge-
noeg om te spit nie; ek skaam
my om te bedel. **4** A! Ek weet
wat ek sal doen sodat mense
my in hulle huise sal ontvang[k]
wanneer ek uit die bestuurder-
skap ontslaan word.' **5** En hy
het elkeen van sy heer se skul-
denaars na hom toe geroep en
vir die eerste begin sê: 'Hoe-
veel skuld jy my heer?' **6** Hy
het gesê: 'Honderd bat olyfolie.'
Hy het vir hom gesê: 'Neem jou
geskrewe ooreenkoms terug en
gaan sit en skryf gou vyftig.'
**7** Daarna het hy vir 'n ander
een gesê: 'En jy, hoeveel skuld
jy?' Hy het gesê: 'Honderd kor
koring.' Hy het vir hom gesê:
'Neem jou geskrewe ooreen-
koms terug en skryf tagtig.'

**HFST. 15**
a Ps 51:4
b 2Ko 7:10
c Sag 3:4
d Ge 41:42 Est 8:8
e Mt 22:4
f Joh 5:25 Ro 6:13 Ef 2:1 Ef 2:5 Op 3:1
g Heb 12:23
h Joh 10:16
i Jes 25:6
j Mt 20:11

**Tweede kol.**
a Mt 20:12
b Op 7:13
c Spr 29:3
d Op 7:14
e Joh 17:10 Ro 8:17
f Lu 15:24

**HFST. 16**
g Ge 15:2 Ge 24:2
h 1Ko 4:2
i Mt 18:23 Mt 25:19 1Pe 4:5
j Mt 24:50
k Spr 19:6

**8** En sy heer het die bestuur-
der, hoewel onregverdig, ge-
prys, omdat hy met praktiese
wysheid gehandel het;[a] want
die kinders van hierdie stelsel
van dinge is in ’n praktiese op-
sig wyser teenoor hulle eie ge-
slag as die kinders van die lig.[b]
**9** “Ook sê ek vir julle: Maak
vir julle vriende[c] deur middel
van die onregverdige rykdom,[d]
sodat wanneer dit faal, hulle jul-
le in die ewige woonplekke sal
ontvang.[e] **10** Hy wat in die ge-
ringste getrou is, is ook in baie
getrou, en hy wat in die gering-
ste onregverdig is, is ook in baie
onregverdig.[f] **11** As julle dan
nie getrou was in verband met
die onregverdige rykdom nie,
wie sal aan julle toevertrou wat
waar is?[g] **12** En as julle nie ge-
trou was in verband met wat ’n
ander s’n is nie,[h] wie sal vir jul-
le julle eie gee? **13** Geen huis-
kneg kan ’n slaaf van twee here
wees nie; want hy sal óf die een
haat en die ander liefhê, óf die
een aankleef en die ander ver-
ag. Julle kan nie slawe van God
en van Rykdom wees nie.”[i]
**14** En die Fariseërs, wat lief-
hebbers van geld was, het na al
hierdie dinge geluister, en hulle
het hom begin uitlag.[j] **15** Ge-
volglik het hy vir hulle gesê:
“Julle is dié wat julleself voor
die mense regverdig verklaar,[k]
maar God ken julle harte;[l] want
wat hoog is onder die mense, is
iets walgliks in God se oë.[m]
**16** “Die Wet en die Profete
was tot op Johannes.[n] Van toe
af word die koninkryk van God
as goeie nuus bekend gemaak,
en alle soorte mense beur voor-
uit daarna.[o] **17** Ja, dit is mak-
liker vir hemel en aarde om ver-
by te gaan[p] as dat een deeltjie[q]
van ’n letter van die Wet onver-
vuld bly.[r]

**18** “Elkeen wat van sy vrou
skei en met ’n ander trou, pleeg
egbreuk, en hy wat met ’n vrou
trou wat van haar man geskei
is, pleeg egbreuk.[a]
**19** “Maar ’n sekere man was
ryk,[b] en hy het hom altyd in
purper en linne geklee, en hy
het van dag tot dag vrolik en
in weelde gelewe.[c] **20** Maar ’n
sekere bedelaar met die naam
La′sarus wat vol swere was, is
altyd by sy poort neergesit
**21** en het begeer om versadig
te word met wat van die ta-
fel van die ryk man geval het.
Ja, ook het die honde gekom en
sy swere gelek. **22** En na ver-
loop van tyd het die bedelaar
gesterf[d] en is hy deur die en-
gele na die boesemposisie[e] van
Abraham[f] weggedra.
“Ook die ryk man het ge-
sterf[g] en is begrawe. **23** En in
Ha′des het hy sy oë opgeslaan,
terwyl hy in pyne was,[h] en hy
het Abraham in die verte ge-
sien en La′sarus in die boesem-
posisie by hom. **24** Toe het hy
geroep en gesê: ‘Vader Abra-
ham,[i] wees my barmhartig en
stuur La′sarus om die punt
van sy vinger in water te doop
en my tong af te koel,[j] want
ek ly pyn in hierdie vlammen-
de vuur.’[k] **25** Maar Abraham
het gesê: ‘Kind, onthou dat jy
in jou lewe jou goeie dinge ten
volle ontvang het, maar La′sa-
rus dienooreenkomstig die ska-
delike dinge. Nou word hy eg-
ter hier vertroos, maar jy ly
pyn.[l] **26** En behalwe dit alles
is daar ’n groot kloof[m] tussen
ons en julle gevestig,[n] sodat dié
wat hiervandaan na julle toe
wil oorgaan, nie kan nie, en ook
mag mense nie daarvandaan na
ons toe oorkom nie.’[o] **27** Toe
het hy gesê: ‘In daardie geval
vra ek u, vader, om hom na

**HFST. 16**
a Spr 19:8
b Joh 12:36, Ef 5:8, 1Te 5:5
c Pr 11:1, Lu 19:8
d Mt 19:21, Lu 12:20, 1Ti 6:17
e Mt 25:34, Joh 14:2
f Mt 25:21, Lu 19:17
g Ef 3:8, Op 3:18
h Lu 12:48, 1Ko 4:2
i Mt 6:24
j Jes 53:3
k Mt 6:2, Mt 23:28, Lu 10:29, Lu 18:9
l 1Sa 16:7, 1Kr 28:9, 2Kr 6:30, Spr 15:11, Han 1:24
m 1Pe 5:5
n Mt 11:13
o Mt 11:12
p Ps 102:26, Heb 1:11
q Mt 5:18
r Mt 5:17

**Tweede kol.**
a Mt 5:32, Mt 19:9, Mr 10:11
b Mt 13:34
c Mt 23:5
d Ro 7:4
e Joh 1:18
f Jes 63:16, Mt 8:11
g Ro 7:6
h Han 5:33
i Jes 51:2, Mt 3:9
j Jes 65:13
k Han 7:54
l Ro 11:22
m Ps 36:6
n 1Ko 1:23
o 2Ko 6:14

die huis van my vader te stuur,
**28** want ek het vyf broers, so-
dat hy hulle 'n deeglike getuie-
nis kan gee, dat hulle nie ook
in hierdie plek van pyniging be-
land nie.' **29** Maar Abraham
het gesê: 'Hulle het Moses[a] en
die Profete;[b] laat hulle na dié
luister.'[c] **30** Toe het hy gesê:
'Néé, vader Abraham, maar as
iemand uit die dode na hulle
toe gaan, sal hulle berou hê.'
**31** Maar hy het vir hom gesê:
'As hulle nie na Moses[d] en die
Profete luister nie, sal hulle ook
nie oortuig word as iemand uit
die dode opstaan nie.' "

**17** Toe het hy vir sy dissipels
gesê: "Dit is onvermyde-
lik dat daar oorsake van strui-
keling kom.[e] Maar wee die een
deur wie hulle kom![f] **2** Dit sou
vir hom voordeliger wees as 'n
meulsteen aan sy nek gehang
en hy in die see gegooi word[g]
as dat hy een van hierdie klein-
tjies laat struikel.[h] **3** Let op
julleself. As jou broer 'n son-
de begaan, bestraf hom,[i] en
as hy berou het, vergewe hom.[j]
**4** Selfs as hy sewe keer per dag
teen jou sondig en sewe keer na
jou toe terugkom en sê: 'Ek het
berou', moet jy hom vergewe."[k]

**5** En die apostels het vir die
Here gesê: "Gee ons meer ge-
loof."[l] **6** Toe het die Here ge-
sê: "As julle geloof so groot soos
'n mosterdsaadjie gehad het,
sou julle vir hierdie swartmoer-
beiboom sê: 'Word ontwortel en
in die see geplant!' en hy sou jul-
le gehoorsaam.[m]

**7** "Wie van julle wat 'n slaaf
het wat ploeg of die kudde op-
pas, sal, wanneer hy van die
land af inkom, vir hom sê: 'Kom
dadelik hier aan tafel'? **8** Sal
hy nie eerder vir hom sê nie:
'Maak iets vir my aandete ge-
reed, en sit 'n voorskoot aan en
bedien my totdat ek klaar ge-
eet en gedrink het, en agter-
na kan jy eet en drink'? **9** Hy
sal tog nie dankbaar wees teen-
oor die slaaf omdat hy die dinge
gedoen het wat aan hom opge-
dra is nie, of hoe? **10** So ook
moet julle, wanneer julle alles
gedoen het wat aan julle opge-
dra is, sê: 'Ons is nikswerd sla-
we.[a] Wat ons gedoen het, is wat
ons behoort te gedoen het.' "

**11** En terwyl hy na Jeru-
salem gegaan het, het hy deur
Samari'a en Galile'a gereis.[b]
**12** En toe hy in 'n sekere dorpie
ingaan, het tien melaatse[c] man-
ne hom tegemoetgekom, maar
hulle het ver weg bly staan.
**13** En hulle het hulle stem ver-
hef en gesê: "Jesus, Onderrig-
ter, wees ons barmhartig!"[d]
**14** En toe hy hulle sien, het hy
vir hulle gesê: "Gaan wys jul-
le vir die priesters."[e] En ter-
wyl hulle weggegaan het, het
hulle reiniging plaasgevind.[f]
**15** Een van hulle het, toe hy
sien dat hy gesond is, terugge-
draai en God met 'n harde
stem verheerlik.[g] **16** En hy
het voor Jesus se voete[h] op sy
gesig geval en hom gedank; en
hy was 'n Samaritaan.[i] **17** Je-
sus het geantwoord en gesê:
"Al tien is gereinig, nie waar
nie? Waar is die ander nege
dan? **18** Is daar niemand ge-
vind wat teruggedraai het om
aan God heerlikheid te gee be-
halwe hierdie man van 'n an-
der nasie nie?" **19** En hy het
vir hom gesê: "Staan op en gaan
dan; jou geloof het jou gesond
gemaak."[j]

**20** Maar toe hy deur die Fa-
riseërs gevra word wanneer die
koninkryk van God kom,[k] het
hy hulle geantwoord en gesê:
"Die koninkryk van God kom

**HFST. 16**
a De 18:18
b 1Pe 1:10
c Lu 24:27
d Joh 5:46

**HFST. 17**
e 1Ko 11:19
f Mt 26:24; Jud 11; Op 2:14
g Op 18:21
h Mt 18:6; Mr 9:42
i Spr 17:10; Mr 8:33
j Le 19:17; Spr 19:11; Mt 18:15
k Jes 55:7; Mt 6:12; Mt 18:22; Kol 3:13; 1Pe 4:8
l Mr 9:24; Ef 2:8; Heb 12:2
m Mt 17:20; Mt 21:21; Mr 9:23; Mr 11:23

**Tweede kol.**
a Job 22:3; Ps 16:2; Ro 3:12; Ro 11:35; 1Ko 9:16
b Lu 9:51; Joh 4:4
c Le 13:46; Mt 8:2
d Mt 9:27; Mt 20:30
e Le 13:2; Le 13:49; Le 14:2; De 24:8; Mt 8:4; Lu 5:14
f 2Kn 5:14
g Ps 50:15; Ps 103:1
h Mt 8:2
i 2Kn 17:24; Joh 4:9
j Mt 9:22; Mr 5:34; Lu 7:50
k Mt 24:3

nie met opvallende waarneem-
baarheid nie, **21** en ook sal
mense nie sê: ‘Kyk hier!’ of:
‘Daar!’ nie.[a] Want kyk! die ko-
ninkryk van God is in julle mid-
de.”[b]

**22** Toe het hy vir die dis-
sipels gesê: “Daar sal dae kom
wanneer julle sal begeer om een
van die dae van die Seun van
die mens te sien, maar jul-
le sal dit nie sien nie.[c] **23** En
mense sal vir julle sê: ‘Kyk
daar!’ of: ‘Kyk hier!’[d] Moenie
uitgaan of hulle agternaloop
nie.[e] **24** Want net soos die
weerlig,[f] deur sy geflits, van
een deel onder die hemel tot
’n ander deel onder die he-
mel skyn, so sal die Seun van
die mens[g] wees. **25** Maar eers
moet hy baie lyding ondergaan
en deur hierdie geslag verwerp
word.[h] **26** En net soos dit in
die dae van Noag gebeur het,[i]
so sal dit ook in die dae van
die Seun van die mens wees:[j]
**27** hulle het geëet, hulle het ge-
drink, manne het getrou, vroue
is in die huwelik gegee, tot op
daardie dag toe Noag in die
ark ingegaan het en die vloed
gekom en hulle almal vernie-
tig het.[k] **28** Net soos dit ook
in die dae van Lot gebeur het:[l]
hulle het geëet, hulle het ge-
drink, hulle het gekoop, hulle
het verkoop, hulle het geplant,
hulle het gebou. **29** Maar op
die dag dat Lot uit Sodom uitge-
kom het, het dit vuur en swa-
el uit die hemel gereën en hul-
le almal vernietig.[m] **30** Net so
sal dit wees op daardie dag wan-
neer die Seun van die mens ge-
openbaar sal word.[n]

**31** “Op daardie dag moet die
een wat op die dak is maar wie
se losgoed in die huis is, nie af-
kom om dit te gaan haal nie,
en so ook moet die een wat
buite op die land is, nie terug-
keer na die dinge wat agter
is nie. **32** DINK aan die vrou
van Lot.[a] **33** Elkeen wat sy
siel vir homself probeer be-
waar, sal dit verloor, maar elk-
een wat dit verloor, sal dit in
die lewe behou.[b] **34** Ek sê vir
julle: In daardie nag sal twee
manne in een bed wees; die een
sal saamgeneem word, maar
die ander sal agtergelaat word.[c]
**35** Daar sal twee vroue wees
wat by dieselfde meul maal;
die een sal saamgeneem word,
maar die ander sal agtergelaat
word.”[d] **36** —— **37** Toe het
hulle geantwoord en vir hom
gesê: “Waar, Here?” Hy het vir
hulle gesê: “Waar die liggaam
is,[e] daar sal die arende ook by-
mekaarkom.”[f]

**18** Toe het hy vir hulle ’n
illustrasie vertel oor die
noodsaaklikheid vir hulle om
altyd te bid en nie moed op te
gee nie[g] **2** en gesê: “In ’n se-
kere stad was daar ’n sekere
regter wat geen vrees vir God
en geen respek vir mense ge-
had het nie. **3** Maar daar was
’n weduwee in daardie stad, en
sy het aanhoudend na hom toe
gegaan[h] en gesê: ‘Sorg dat reg
aan my geskied ten opsigte van
my teenstander in die regsge-
ding.’ **4** Wel, ’n ruk lank wou
hy nie, maar agterna het hy vir
homself gesê: ‘Hoewel ek nie
God vrees of ’n mens respek-
teer nie, **5** sal ek in elk ge-
val, omdat hierdie weduwee my
voortdurend lastig val,[i] sorg
dat reg aan haar geskied, so-
dat sy nie aanhoudend sal kom
en my slaan[j] tot ek gedaan is
nie.’ ” **6** Toe het die Here gesê:
“HOOR wat die regter, hoewel
onregverdig, gesê het! **7** Sal
God dan nie beslis reg[k] laat ge-
skied aan sy uitverkorenes wat

**HFST. 17**
a Mt 24:23, Mr 13:21
b Mt 12:28, Mt 21:5
c Mt 9:15, Lu 5:35, Joh 8:56
d Mt 24:23, Mr 13:21, Lu 21:8
e 1Jo 4:1
f Mt 24:27
g Da 7:13
h Mr 8:31, Mr 9:31, Lu 9:22
i Ge 6:5
j Mt 24:37
k Ge 7:7, Mt 24:38
l Ge 19:15
m Ge 19:24
n Mt 24:30, Mr 13:26, 1Ko 1:7, Kol 3:4, 2Te 1:7, 2Te 2:8, Op 1:7

**Tweede kol.**
a Ge 19:26
b Mt 10:39, Mt 16:25, Mr 8:35, Lu 9:24, Joh 12:25
c Mt 24:40
d Mt 24:41
e Job 39:30
f Mt 24:28

**HFST. 18**
g Ps 55:16, Ro 12:12, Ef 6:18, Flp 4:6, Kol 4:2, 1Te 5:17
h Lu 11:8
i Lu 11:7
j Rig 16:16
k 1Sa 24:12, Jes 40:27, Jer 20:12

dag en nag tot hom roep nie, al
is hy lankmoedig[a] teenoor hul-
le? **8** Ek sê vir julle: Hy sal
gou reg aan hulle laat geskied.[b]
Maar sal die Seun van die mens
werklik die geloof op die aarde
vind wanneer hy kom?"

**9** Maar hy het ook vir par-
ty wat op hulleself vertrou
het dat hulle regverdig is[c] en
wat die res as niks beskou het
nie,[d] hierdie illustrasie vertel:
**10** "Twee mense het na die
tempel opgegaan om te bid, die
een 'n Fariseër en die ander 'n
belastinggaarder. **11** Die Fa-
riseër het gaan staan[e] en hier-
die dinge by homself begin bid:[f]
'O God, ek dank u dat ek nie
soos die res van die mense
is nie: afpersers, onregverdig,
egbrekers, of selfs soos hier-
die belastinggaarder.[g] **12** Ek
vas twee keer per week, ek gee
die tiende van alles wat ek ver-
kry.'[h] **13** Maar die belasting-
gaarder, wat op 'n afstand ge-
staan het, wou nie eens sy oë
na die hemel opslaan nie, maar
het op sy bors bly slaan[i] en ge-
sê: 'O God, wees my, 'n sondaar,
genadig.'[j] **14** Ek sê vir julle:
Hierdie man het na sy huis af-
gegaan, regverdiger[k] as daardie
man; want elkeen wat hom ver-
hef, sal verneder word, maar hy
wat hom verneder, sal verhef
word."[l]

**15** En mense het ook hul-
le kindertjies na hom toe begin
bring sodat hy hulle sou aan-
raak; maar toe die dissipels dit
sien, het hulle hulle begin be-
rispe.[m] **16** Jesus het egter die
kindertjies na hom toe geroep
en gesê: "Laat die jong kinders
na my toe kom, en moet hul-
le nie probeer keer nie. Want
die koninkryk van God be-
hoort aan dié wat soos hulle is.[n]
**17** Voorwaar, ek sê vir julle:
Elkeen wat die koninkryk van
God nie soos 'n jong kind ont-
vang nie, sal hoegenaamd nie
daarin ingaan nie."[a]

**18** En 'n sekere heerser het
hom gevra en gesê: "Goeie
Leermeester, wat moet ek doen
om die ewige lewe te beërf?"[b]
**19** Jesus het vir hom gesê:
"Waarom noem jy my goed?
Niemand is goed nie, behalwe
een, God.[c] **20** Jy ken die ge-
booie:[d] 'Moenie egbreuk pleeg
nie,[e] Moenie moord pleeg nie,[f]
Moenie steel nie,[g] Moenie valse
getuienis aflê nie,[h] Eer jou va-
der en moeder.'"[i] **21** Toe het
hy gesê: "Dit alles het ek van
my jeug af nagekom."[j] **22** Na-
dat Jesus dit gehoor het, het hy
vir hom gesê: "Een ding kom jy
nog kort: Verkoop alles wat jy
het en deel dit aan die armes
uit, en jy sal 'n skat in die he-
mele hê; en kom word my volge-
ling."[k] **23** Toe hy dit hoor, het
hy diep bedroef geword, want
hy was baie ryk.[l]

**24** Jesus het na hom gekyk
en gesê: "Hoe moeilik sal dit
tog wees vir dié wat geld het,
om in die koninkryk van
God in te gaan![m] **25** Trouens,
dit is makliker vir 'n kameel
om deur die oog van 'n naald
te gaan as vir 'n ryk man om
in die koninkryk van God in te
gaan."[n] **26** Dié wat dit gehoor
het, het gesê: "Wie kan dan
gered word?" **27** Hy het gesê:
"Die dinge wat onmoontlik is
by mense, is moontlik by God."[o]
**28** Maar Petrus het gesê: "Kyk!
Ons het ons eie goed verlaat en
u gevolg."[p] **29** Hy het vir hul-
le gesê: "Voorwaar, ek sê vir
julle: Daar is niemand wat huis
of vrou of broers of ouers of
kinders ter wille van die ko-
ninkryk van God verlaat het,[q]
**30** wat nie op die een of ander

**HFST. 18**
a 2Pe 3:9; Op 6:10
b Hab 2:3; Heb 10:37
c Spr 30:12; Lu 10:29
d Jes 65:5
e Ps 135:2
f Jes 1:15
g Op 3:17
h Mt 23:23
i Jer 31:19; Lu 23:48
j Ps 51:3
k 1Sa 16:7; Jes 66:2; Mt 21:31
l Jes 2:11; Mt 23:12; Jak 4:6; 1Pe 5:5
m Mt 19:13; Mr 10:13
n 1Ko 14:20; 1Pe 2:2

**Tweede kol.**
a Mt 18:3; Mr 10:15
b Mt 19:16; Mr 10:17; Lu 10:25
c Mt 19:17; Mr 10:18
d Ro 13:9
e Eks 20:14; De 5:18
f Eks 20:13; De 5:17
g Eks 20:15; De 5:19
h Eks 20:16; De 5:20
i Eks 20:12; De 5:16; Ef 6:2
j Mt 19:20; Mr 10:20
k Mt 6:20; Mt 19:21; Mr 10:21; Lu 12:33; 1Ti 6:19
l Mt 19:22; Mr 10:22
m Spr 11:28; Mt 19:23; 1Ti 6:9
n Mt 19:24; Mr 10:25
o Ge 18:14; Jer 32:17; Sag 8:6; Mr 14:36
p Mt 19:27
q De 33:9; Mr 10:29

wyse in hierdie tyd baie keer
soveel sal kry nie, en in die
komende stelsel van dinge, die
ewige lewe."[a]
**31** Toe het hy die twaalf opsy
geneem en vir hulle gesê: "Kyk!
Ons gaan op na Jerusalem, en
alles wat deur middel van die
profete[b] oor die Seun van die
mens geskryf is, sal volbring
word.[c] **32** Hy sal byvoorbeeld
aan mense van die nasies oorge-
lewer word en sal die spot mee
gedryf word[d] en minagtend
behandel[e] en bespoeg[f] word;
**33** en nadat hulle hom gege-
sel het,[g] sal hulle hom dood-
maak,[h] maar op die derde dag
sal hy opstaan."[i] **34** Hulle het
egter nie die betekenis van eni-
ge van hierdie dinge verstaan
nie; maar hierdie woord was vir
hulle verborge, en hulle het nie
verstaan wat gesê is nie.[j]
**35** En toe hy naby Je′rigo
kom, het 'n sekere blinde man
langs die pad gesit en bedel.[k]
**36** Omdat hy 'n skare hoor ver-
bygaan het, het hy begin vra
wat dit beteken. **37** Hulle het
vir hom vertel: "Jesus die Nasa-
rener gaan verby!"[l] **38** Daar-
op het hy uitgeroep en gesê:
"Jesus, Seun van Dawid, wees
my barmhartig!"[m] **39** En dié
wat voor geloop het, het hom
streng begin aansê om stil te
bly, maar hy het des te meer uit-
geroep: "Seun van Dawid, wees
my barmhartig."[n] **40** Toe het
Jesus gaan staan en beveel
dat die man na hom toe ge-
lei moet word.[o] Nadat hy naby
gekom het, het Jesus hom ge-
vra: **41** "Wat wil jy hê moet
ek vir jou doen?"[p] Hy het ge-
sê: "Here, laat my weer sien."[q]
**42** Toe het Jesus vir hom gesê:
"Sien weer; jou geloof het jou
gesond gemaak."[r] **43** En oom-
bliklik kon hy weer sien,[s] en hy
het hom begin volg, terwyl hy
God verheerlik het.[a] Ook het al
die mense, toe hulle dit sien, lof
aan God gebring.

**19** En hy het in Je′rigo[b] in-
gegaan en was op pad
daardeur. **2** En daar was 'n
man met die naam Sagge′us;
en hy was 'n hoofbelastinggaar-
der, en hy was ryk. **3** Wel, hy
het probeer sien[c] wie hierdie
Jesus is, maar weens die skare
kon hy nie, want hy was klein
van gestalte. **4** Toe het hy
vooruit gehardloop na 'n plek
verder aan en in 'n wildevye-
boom geklim om hom te sien,
want hy sou weldra daarlangs
verbygaan. **5** En toe Jesus by
die plek kom, het hy opge-
kyk en vir hom gesê: "Sagge′us,
maak gou en klim af, want ek
moet vandag in jou huis bly."
**6** Daarop het hy gou gemaak
en afgeklim en hom met blyd-
skap as gas ontvang. **7** Maar
toe hulle dit sien, het hulle al-
mal begin brom[d] en gesê: "By 'n
man wat 'n sondaar is, het hy
ingegaan vir verblyf." **8** Maar
Sagge′us het opgestaan en vir
die Here gesê: "Kyk! Die helf-
te van my besittings, Here, gee
ek vir die armes, en wat ek
ook al deur valse beskuldiging
van iemand afgepers het,[e] gee
ek viervoudig terug."[f] **9** Hier-
op het Jesus vir hom gesê:
"Vandag het daar redding na
hierdie huis gekom, omdat ook
hy 'n seun van Abraham is.[g]
**10** Want die Seun van die mens
het gekom om te soek en te red
wat verlore was."[h]
**11** Terwyl hulle na hier-
die dinge geluister het, het
hy daarby 'n illustrasie vertel,
want hy was naby Jerusalem
en hulle het gedink dat die ko-
ninkryk van God hom oomblik-

**HFST. 18**
a Mt 19:29; Mr 10:30; Op 2:10
b Ps 16:10; Ps 22; Ps 34:20; Ps 41:9; Ps 69:21; Jes 53; Mi 5:1; Sag 9:9; Sag 11:12; Sag 13:7
c Mt 16:21; Mr 10:32
d Ps 22:7; Mt 27:2; Han 3:13
e Jes 53:5
f Jes 50:6
g Jes 53:5
h Jes 53:7
i Jon 1:17; Mt 20:19; Mr 10:34; Lu 9:22
j Mr 9:32; Joh 10:6
k Mt 20:29; Mr 10:46
l Mr 10:47
m Mt 20:30; Lu 17:13
n Mt 20:31; Mr 10:48
o Mr 10:49
p Mt 20:32
q Mt 20:33; Mr 10:51
r Mt 20:34; Lu 7:50; Lu 17:19
s Mr 10:52

**Tweede kol.**
a Lu 5:26; Han 4:21; Ga 1:24

**HFST. 19**
b Mt 20:29
c Joh 6:24; Joh 12:21
d Mt 9:11; Lu 5:30; Lu 15:2
e Eks 20:16; Lu 3:14
f Eks 22:1; Le 6:5; 2Sa 12:6
g Mt 15:24; Lu 13:16; Han 3:25
h Ese 34:16; Mt 9:13; Mt 10:6; Lu 15:4; Ro 5:8; 1Ti 1:15

lik gaan vertoon.[a] **12** Daarom
het hy gesê: “ ’n Sekere man van
adellike geboorte het na ’n ver
land gereis om vir homself ko-
ninklike mag te verkry en te-
rug te keer.[b] **13** Hy het tien
van sy slawe geroep, hulle tien
minas gegee en vir hulle gesê:
‘Dryf handel totdat ek kom.’[c]
**14** Maar sy burgers het hom ge-
haat[d] en ’n groep ambassadeurs
agter hom aan gestuur om te sê:
‘Ons wil nie hê dat hierdie man
koning oor ons moet word nie.’[e]

**15** “Toe hy uiteindelik terug-
kom nadat hy die koninklike
mag verkry het, het hy beveel
dat hierdie slawe aan wie hy die
silwergeld gegee het, na hom
toe geroep moet word, om vas
te stel wat hulle deur handel-
drywery verkry het.[f] **16** Toe
het die eerste vorentoe gekom
en gesê: ‘Heer, u mina het tien
minas opgelewer.’[g] **17** En hy
het vir hom gesê: ‘Mooi so,
goeie slaaf! Omdat jy in ’n baie
klein saak getrou was, moet jy
gesag voer oor tien stede.’[h]
**18** En die tweede het gekom
en gesê: ‘U mina, Heer, het vyf
minas opgelewer.’[i] **19** Hy het
ook vir hierdie een gesê: ‘En jy
moet beheer uitoefen oor vyf
stede.’[j] **20** Maar ’n ander een
het gekom en gesê: ‘Heer, hier
is u mina, wat ek in ’n doek
weggebêre het. **21** U sien, ek
het u gevrees, omdat u ’n har-
de man is; u eis op wat u nie ge-
deponeer het nie en u oes wat
u nie gesaai het nie.’[k] **22** Hy
het vir hom gesê: ‘Uit jou eie
mond oordeel ek jou,[l] goddelo-
se slaaf. Jy het dus tog geweet
dat ek ’n harde man is wat op-
eis wat ek nie gedeponeer het
nie en oes wat ek nie gesaai het
nie?[m] **23** Waarom het jy dan
nie my silwergeld in ’n bank ge-
sit nie? Dan sou ek dit by my
aankoms met rente ingevorder
het.’[a]

**24** “Daarop het hy vir dié
wat daar gestaan het, gesê:
‘Neem die mina van hom af
weg en gee dit vir hom wat
die tien minas het.’[b] **25** Maar
hulle het vir hom gesê: ‘Heer,
hy het tien minas!’— **26** ‘Ek
sê vir julle: Aan elkeen wat het,
sal meer gegee word; maar van
die een wat nie het nie, sal selfs
wat hy het, weggeneem word.[c]
**27** En hierdie vyande van my
wat nie wou hê dat ek koning
oor hulle moet word nie, BRING
hulle hier en maak hulle voor
my dood.’ ”[d]

**28** Nadat hy hierdie dinge
gesê het, het hy voor hulle
uit gegaan, op na Jerusalem.[e]
**29** En toe hy naby Betfa′ge en
Beta′nië kom, aan die berg wat
die Olyfberg genoem word,[f] het
hy twee van die dissipels uit-
gestuur[g] **30** en gesê: “Gaan in
die dorpie in wat julle voor jul-
le sien, en nadat julle ingegaan
het, sal julle ’n hingsvul daar-
in vind wat vasgemaak is, waar-
op geen mens nog ooit gesit
het nie. Maak hom los en bring
hom hierheen.[h] **31** Maar as
iemand julle vra: ‘Waarom
maak julle hom los?’ moet jul-
le só sê: ‘Die Here het hom no-
dig.’ ”[i] **32** Toe het dié wat uit-
gestuur is, weggegaan en dit
gevind net soos hy vir hulle ge-
sê het.[j] **33** Maar terwyl hul-
le die hingsvul losgemaak het,
het sy eienaars vir hulle gesê:
“Waarom maak julle die hings-
vul los?”[k] **34** Hulle het ge-
sê: “Die Here het hom nodig.”[l]
**35** En hulle het hom na Jesus
toe gelei, en hulle het hulle bo-
klere oor die hingsvul gegooi en
Jesus daarop laat sit.[m]

**36** Terwyl hy voortbeweeg
het,[n] het hulle hulle boklere op

**HFST. 19**
a Mt 24:33, Lu 17:20, Han 1:6, 2Te 2:2
b Mt 25:14, Mr 13:34, Joh 18:36
c Mt 25:15
d Joh 1:11
e Ps 2:2, Mt 23:37
f Mt 25:19
g Mt 25:20
h Mt 25:21, Lu 16:10, Op 2:26
i Mt 25:22
j Mt 25:23
k Mt 25:24
l 2Sa 1:16, Mt 12:37
m Mt 25:26

**Tweede kol.**
a De 23:20, Mt 25:27
b Mt 25:28
c Mt 13:12, Mt 25:29, Mr 4:25, Lu 8:18
d Ge 3:15, Ps 2:9, Jes 60:12, 1Ko 15:25, 2Te 1:9, Op 19:15
e Mr 10:32, Lu 9:51
f Joh 8:1, Han 1:12
g Mt 21:1, Mr 11:1
h Mt 21:2, Mr 11:2
i Ps 50:10, Mt 21:3, Mr 11:3
j Mt 21:6, Mr 11:4, Lu 22:13
k Mr 11:5
l Mr 11:6
m 2Kn 9:13, Mt 21:7, Mr 11:7, Joh 12:14
n Sag 9:9

die pad bly uitsprei.[a] **37** Net
toe hy naby die pad kom wat
teen die Olyfberg afloop, het
die hele menigte dissipels begin
om hulle te verbly en God met
’n harde stem te loof oor al die
kragtige werke wat hulle gesien
het[b] **38** en gesê: “Geseënd is
Hy wat in Jehovah se naam
as die Koning kom![c] Vrede in
die hemel en heerlikheid in
die hoogste plekke!”[d] **39** Par-
ty van die Fariseërs uit die
skare het egter vir hom gesê:
“Leermeester, bestraf u dissi-
pels.”[e] **40** Maar hy het geant-
woord en gesê: “Ek sê vir julle:
As hulle stilbly, sal die klippe[f]
uitroep.”

**41** En toe hy naby kom, het
hy die stad aanskou en daar-
oor gehuil[g] **42** en gesê: “As
jy, ja jy, tog maar in hierdie dag
die dinge onderskei[h] het wat
met vrede te doen het—maar
nou is hulle vir jou oë verberg.[i]
**43** Want die dae sal oor jou
kom wanneer jou vyande ’n ver-
skansing[j] met spits pale[k] rond-
om jou sal bou en jou sal om-
singel[l] en jou van alle kante in
benoudheid[m] sal bring, **44** en
hulle sal jou en jou kinders in
jou teen die grond verpletter,[n]
en hulle sal in jou nie ’n klip op
’n klip laat nie,[o] omdat jy nie
die tyd waarin jy geïnspekteer
is,[p] onderskei het nie.”

**45** En hy het in die tempel
ingegaan en dié wat daar aan
die verkoop was, begin uitdryf[q]
**46** en vir hulle gesê: “Daar
staan geskrywe: ‘En my huis
sal ’n huis van gebed wees’,[r]
maar julle het dit ’n rowerspe-
lonk gemaak.”[s]

**47** En hy het elke dag in die
tempel geleer. Maar die hoof-
priesters en die skrifgeleer-
des en die vernaamstes van die
volk was daarop uit om hom
dood te maak;[a] **48** en tog het
hulle nie iets doeltreffends ge-
vind wat hulle kon doen nie,
want die hele volk het hom bly
aanhang om na hom te luister.[b]

**20** Op een van die dae, ter-
wyl hy die volk in die
tempel geleer en die goeie nuus
bekend gemaak het, het die
hoofpriesters en die skrifge-
leerdes saam met die ouer man-
ne nader gekom,[c] **2** en hulle
het hard gepraat en vir hom ge-
sê: “Sê vir ons deur watter ge-
sag jy hierdie dinge doen, of wie
jou hierdie gesag gegee het.”[d]
**3** Hy het geantwoord en vir
hulle gesê: “Ek sal julle ook ’n
vraag vra, en sê julle vir my:[e]
**4** Was die doop van Johannes
uit die hemel of uit die men-
se?”[f] **5** Toe het hulle onder
mekaar gevolgtrekkings ge-
maak en gesê: “As ons sê: ‘Uit
die hemel’, sal hy sê: ‘Waarom
het julle hom nie geglo nie?’[g]
**6** Maar as ons sê: ‘Uit die men-
se’, sal die hele volk ons ste-
nig,[h] want hulle is daarvan oor-
tuig dat Johannes[i] ’n profeet
was.”[j] **7** Toe het hulle geant-
woord dat hulle nie weet uit
watter bron dit was nie. **8** En
Jesus het vir hulle gesê: “Dan
sê ek ook nie vir julle deur wat-
ter gesag ek hierdie dinge doen
nie.”[k]

**9** Toe het hy vir die volk
hierdie illustrasie begin ver-
tel: “ ’n Man het ’n wingerd ge-
plant[l] en dit aan landbouers
verhuur, en hy het vir ’n ge-
ruime tyd na die buiteland ge-
reis.[m] **10** Maar op die regte
tyd het hy ’n slaaf[n] na die land-
bouers[o] toe gestuur, sodat hul-
le vir hom van die vrug van
die wingerd sou gee.[p] Die land-
bouers het hom egter met leë

**HFST. 19**
a Mt 21:8; Mr 11:8
b Mt 21:9
c Jes 62:11
d Ps 118:26; Mr 11:9; Lu 2:14
e Mt 21:15; Joh 12:19
f Hab 2:11; Mt 3:9
g Ps 119:136; Jer 9:1; Lu 23:28; Joh 11:35
h De 28:52; De 32:29
i Jes 6:10; Mt 13:14; Mr 4:12; Han 28:26; Ro 11:8
j Jes 29:3
k Jer 6:6
l Lu 21:20
m De 28:57; Da 9:26
n Ps 137:9; Mi 3:12; Lu 23:28
o Mt 24:2; Mr 13:2; Lu 21:6
p Ho 9:7; Mi 7:4; Lu 1:68; 1Pe 2:12
q Mt 21:12; Mr 11:15
r Jes 56:7
s Jer 7:11; Mt 21:13; Mr 11:17; Joh 2:16

**Tweede kol.**
a Mr 11:18; Joh 7:19; Joh 18:20
b Mr 12:37; Lu 21:38

**HFST. 20**
c Mt 21:23
d Mr 11:28; Han 4:7; Han 7:27
e Mt 21:24; Mr 11:29
f Mr 11:30
g Mt 21:25; Mr 11:31
h Mt 14:5
i Mt 11:9; Lu 7:29
j Mt 21:26; Mr 11:32
k Mt 21:27; Mr 11:33
l Ps 80:8; Hgl 8:11; Jes 5:1; Jer 2:21
m Mt 21:33; Mr 12:1
n 2Kn 17:13; 2Kr 36:15
o Han 7:52
p Mt 21:34; Mr 12:2

hande weggestuur[a] nadat hulle
hom geslaan het. **11** Maar hy
het weer ’n ander slaaf na hul-
le toe gestuur. Ook dié het hul-
le geslaan en oneer aangedoen
en met leë hande weggestuur.[b]
**12** Weer eens het hy ’n derde
gestuur;[c] ook dié het hulle ge-
wond en uitgegooi. **13** Hierop
het die eienaar van die wingerd
gesê: ‘Wat sal ek doen? Ek sal
my seun, die geliefde, stuur.[d]
Heel moontlik sal hulle hom
respekteer.’ **14** Toe die land-
bouers hom sien, het hulle on-
der mekaar begin redeneer en
gesê: ‘Dit is die erfgenaam;
laat ons hom doodmaak, sodat
die erfenis ons s’n kan word.’[e]
**15** Daarop het hulle hom buite
die wingerd uitgegooi[f] en hom
doodgemaak.[g] Wat sal die eie-
naar van die wingerd dan aan
hulle doen?[h] **16** Hy sal kom en
hierdie landbouers doodmaak
en die wingerd vir ander gee.”[i]

Toe hulle dit hoor, het hul-
le gesê: “Mag dit nooit gebeur
nie!” **17** Maar hy het hulle
aangekyk en gesê: “Wat be-
teken dít dan wat geskrywe
staan: ‘Die steen wat die bouers
verwerp het,[j] dié het die hoof-
hoeksteen geword’?[k] **18** Elk-
een wat op daardie steen val, sal
verpletter word.[l] Wat iemand
betref op wie dit val,[m] dit sal
hom vermorsel.”[n]

**19** Die skrifgeleerdes en die
hoofpriesters het toe probeer
om in daardie selfde uur die
hande aan hom te slaan, maar
hulle het die volk gevrees; want
hulle het begryp dat hy hier-
die illustrasie met hulle in ge-
dagte vertel het.[o] **20** En na-
dat hulle hom fyn dopgehou
het, het hulle manne uitge-
stuur wat in die geheim gehuur
is om voor te gee dat hulle reg-
verdig is, sodat hulle hom in
woorde kon verstrik,[a] om hom
aan die regering en aan die ge-
sag van die goewerneur oor te
lewer.[b] **21** En hulle het hom
gevra en gesê: “Leermeester,
ons weet dat u korrek spreek
en leer en geen partydigheid
toon nie, maar dat u die weg
van God in ooreenstemming
met die waarheid leer:[c] **22** Is
dit ons geoorloof om belasting
aan die keiser te betaal of nie?”[d]
**23** Maar hy het hulle listig-
heid bespeur en vir hulle ge-
sê:[e] **24** “Wys my ’n dena′rius.
Wie se beeld en opskrif het dit?”
Hulle het gesê: “Die keiser s’n.”[f]
**25** Hy het vir hulle gesê: “Be-
taal dan alte seker aan die kei-
ser terug wat aan die keiser be-
hoort,[g] maar aan God wat aan
God behoort.”[h] **26** Wel, hulle
kon hom nie in hierdie woord
voor die volk verstrik nie, maar
verbaas oor sy antwoord, het
hulle niks gesê nie.[i]

**27** Party van die Saddu-
seërs, dié wat sê dat daar geen
opstanding is nie, het egter
nader gekom[j] en hom gevra
**28** en gesê: “Leermeester, Mo-
ses[k] het vir ons geskryf: ‘As ’n
man se broer, wat ’n vrou het,
sterf, maar dié kinderloos ge-
bly het, moet sy broer[l] die vrou
neem en by haar ’n nageslag vir
sy broer verwek.’[m] **29** Daar
was dan nou sewe broers; en
die eerste het ’n vrou geneem
en kinderloos gesterf.[n] **30** So
ook die tweede, **31** en die der-
de het haar geneem. Net so al
sewe: hulle het nie kinders ag-
tergelaat nie, maar afgesterf.[o]
**32** Laastens het die vrou ook
gesterf.[p] **33** Watter een van
hulle se vrou sal sy gevolglik in
die opstanding word? Want al
sewe het haar as vrou gehad.”[q]

**34** Jesus het vir hulle gesê:
“Die kinders van hierdie stelsel

**HFST. 20**
a 1Te 2:15; Heb 11:36
b Mt 21:36; Mr 12:4
c Ne 9:29
d Mt 17:5; Joh 3:16
e Mt 21:38; Mr 12:7
f Heb 13:12
g Han 3:15
h Mt 21:40
i Mt 21:41; Mr 12:9
j Ps 118:22; 1Pe 2:7
k Jes 28:16; Mt 21:42; Mr 12:10
l Jes 8:15
m Da 2:35; Da 2:44
n Ps 2:9; Jes 8:14; Mt 21:44
o Mt 21:45; Mr 12:12

**Tweede kol.**
a Lu 11:54
b Mt 22:15; Mr 12:13
c Le 19:15; Mt 22:16; Mr 12:14
d Mt 22:17
e Spr 26:24; Mt 22:18; Mr 12:15
f Mt 22:20; Mr 12:16
g Ro 13:7; Tit 3:1; 1Pe 2:13
h Mt 22:21; Mr 12:17; Lu 23:2
i Mt 22:22
j Mt 22:23; Mr 12:18; Han 23:8
k De 25:5
l Ge 38:8
m Mt 22:24; Mr 12:19
n Mt 22:25
o Mr 12:21
p Mt 22:27
q Mt 22:28; Mr 12:23

van dinge trou en word in die
huwelik gegee,[a] **35** maar dié
wat waardig geag is[b] om daar-
die stelsel van dinge[c] en die
opstanding uit die dode[d] te
verkry, trou nie en word ook
nie in die huwelik gegee nie.
**36** Trouens, hulle kan ook nie
meer sterf nie,[e] want hulle is
soos die engele, en hulle is God
se kinders deurdat hulle kin-
ders van die opstanding is.[f]
**37** Maar dat die dooies opge-
wek word, het ook Moses ont-
hul, in die verslag oor die do-
ringbos,[g] wanneer hy Jehovah
'die God van Abraham en die
God van Isak en die God van Ja-
kob' noem.[h] **38** Hy is 'n God,
nie van die dooies nie, maar
van die lewendes, want vir hom
lewe hulle almal."[i] **39** Party
van die skrifgeleerdes het ge-
antwoord en gesê: "Leermees-
ter, u het goed gespreek."
**40** Want hulle het nie meer die
moed gehad om hom 'n enkele
vraag te vra nie.

**41** Hierop het hy vir hulle
gesê: "Hoe is dit dat hulle sê
dat die Christus Dawid se seun
is?[j] **42** Want Dawid self sê in
die boek van die Psalms: 'Jeho-
vah het vir my Here gesê: "Sit
aan my regterhand **43** totdat
ek jou vyande as 'n voetbank
vir jou voete maak."'[k] **44** Da-
wid noem hom dus 'Here'; hoe
is hy dan sy seun?"

**45** Toe het hy, terwyl die
hele volk geluister het, vir die
dissipels gesê:[l] **46** "Pas op vir
die skrifgeleerdes wat graag
in lang klere wil rondloop en
hou van begroetinge op die
markpleine en die voorste sit-
plekke in die sinagoges en die
vernaamste plekke by aand-
maaltye,[m] **47** en wat die huise
van die weduwees verslind[n] en
vir die skyn lang gebede doen.
Hulle sal 'n swaarder oordeel
ontvang."[a]

**21** En toe hy opkyk, het hy
die rykes hulle gawes in
die skatkiste sien gooi.[b] **2** Toe
het hy 'n sekere behoeftige we-
duwee twee muntstukkies van
baie min waarde daar sien in-
gooi,[c] **3** en hy het gesê: "Ek sê
vir julle die waarheid: Hierdie
weduwee het, hoewel sy arm is,
meer as hulle almal ingegooi.[d]
**4** Want hulle almal het uit hulle
oorvloed gawes ingegooi, maar
hierdie vrou het in haar ge-
brek al die middele vir lewens-
onderhoud ingegooi wat sy ge-
had het."[e]

**5** Later, toe sommige oor die
tempel praat, hoe dit met goeie
klippe en toegewyde dinge ver-
sier is,[f] **6** het hy gesê: "Wat
hierdie dinge betref wat jul-
le sien, die dae sal kom waarin
nie 'n klip op 'n klip hier gelaat
sal word wat nie afgebreek sal
word nie."[g] **7** Toe het hulle
hom gevra en gesê: "Leermees-
ter, wanneer sal hierdie dinge
dan wees, en wat sal die teken
wees wanneer hierdie dinge be-
stem is om te gebeur?"[h] **8** Hy
het gesê: "Pas op dat julle nie
mislei word nie;[i] want baie sal
onder my naam kom en sê: 'Dit
is ek', en: 'Die bestemde tyd
het naby gekom.'[j] Moenie agter
hulle aan gaan nie. **9** En wan-
neer julle van oorloë en oproe-
re hoor, moet julle nie verskrik
word nie.[k] Want hierdie dinge
moet eers plaasvind, maar die
einde kom nie onmiddellik nie."

**10** Toe het hy verder vir hul-
le gesê: "Nasie sal teen na-
sie opstaan[l] en koninkryk teen
koninkryk;[m] **11** en daar sal
groot aardbewings wees, en op
die een plek na die ander pes-
siektes en voedseltekorte;[n] en

**HFST. 20**
a Ge 1:28, Lu 17:27
b Op 3:4
c Ef 1:21, Heb 1:2, Heb 6:5, 2Pe 3:13
d Joh 5:29, Han 24:15
e Op 21:4
f Mt 22:30, Mr 12:25, Joh 5:29
g Eks 3:2
h Eks 3:6, Eks 6:3
i Mt 22:32
j Mt 22:42, Mr 12:35
k Ps 110:1, Han 2:34
l Mt 23:1, Mr 12:38
m Mt 23:6, Mr 12:39
n Jes 10:2, 2Ti 3:6

**Tweede kol.**
a Mr 12:40

**HFST. 21**
b Mr 12:41
c Mr 12:42
d Mr 12:43, 2Ko 8:12
e Mt 22:37, Mr 12:44
f Mt 24:1, Mr 13:1
g 1Kn 9:7, 1Kn 9:8, Jer 7:14, Mi 3:12, Mt 24:2, Mr 13:2, Lu 19:44
h Mt 24:3, Mr 13:4
i Ef 5:6, 2Te 2:3, 2Ti 3:13, 1Jo 4:1, Op 12:9
j Mt 24:5, Mr 13:6
k Spr 3:25, Mt 24:6, Mr 13:7
l Op 6:4
m Mt 24:7, Mr 13:8
n Han 11:28, Op 6:8

daar sal vreesaanjaende gesig-
te wees, en groot tekens van die
hemel af.[a]
**12** “Maar voor al hierdie
dinge sal mense die hande aan
julle slaan en julle vervolg[b] en
julle aan die sinagoges en ge-
vangenisse oorlewer, en jul-
le sal ter wille van my naam
voor konings en goewerneurs
gesleep word.[c] **13** Dit sal vir
julle op ’n getuienis uitloop.[d]
**14** Neem julle dus in julle har-
te voor om nie vooraf te oefen
hoe julle julle gaan verdedig
nie,[e] **15** want ek sal aan jul-
le ’n mond en wysheid gee, wat
al julle teenstanders tesame nie
sal kan weerstaan of betwis
nie.[f] **16** Wat meer is, julle sal
selfs deur ouers en broers en
familielede en vriende oorgele-
wer word,[g] en hulle sal party
van julle doodmaak;[h] **17** en
julle sal weens my naam vir
alle mense voorwerpe van haat
wees.[i] **18** En tog sal daar hoe-
genaamd nie ’n haar[j] van julle
kop vergaan nie. **19** Deur jul-
le volharding sal julle julle siel
verwerf.[k]
**20** “En wanneer julle Jerusa-
lem deur leërkampe omsingel
sien,[l] dan moet julle weet dat sy
verwoesting naby gekom het.[m]
**21** Laat dié wat in Jude′a is,
dan na die berge begin vlug, en
laat dié wat in die stad is, uit-
gaan, en laat dié wat in die plat-
telandse plekke is, nie daar in-
gaan nie;[n] **22** want dit is dae
waarin die reg toegepas sal
word, sodat alles wat geskry-
we staan, vervul kan word.[o]
**23** Wee die swanger vroue en
dié wat ’n baba soog in daardie
dae![p] Want daar sal groot nood
in die land en gramskap oor
hierdie volk wees; **24** en hul-
le sal deur die skerpte van die
swaard val en as gevangenes na
al die nasies weggevoer word;[a]
en Jerusalem sal deur die nasies
vertrap word, tot die vasgestel-
de tye[b] van die nasies vervul is.
**25** “En daar sal tekens in
son[c] en maan en sterre wees, en
op die aarde angs onder die na-
sies, wat radeloos is as gevolg
van die gedreun van die see[d]
en sy onstuimigheid,[e] **26** ter-
wyl die mense flou word van
vrees[f] en verwagting aangaan-
de die dinge wat oor die be-
woonde aarde kom;[g] want die
kragte van die hemele sal ge-
skud word.[h] **27** En dan sal
hulle die Seun van die mens[i]
met krag en groot heerlikheid
in ’n wolk sien kom.[j] **28** Maar
wanneer hierdie dinge begin
gebeur, staan dan regop en lig
julle kop op, want julle verlos-
sing kom nader.”
**29** Daarop het hy vir hul-
le ’n illustrasie vertel: “Let
op die vyeboom en al die an-
der bome:[k] **30** Wanneer hulle
reeds in bot staan, weet julle
self, deurdat julle dit sien, dat
die somer nou naby is.[l] **31** So
moet julle, wanneer julle hier-
die dinge sien gebeur, ook weet
dat die koninkryk van God
naby is.[m] **32** Voorwaar, ek sê
vir julle: Hierdie geslag sal hoe-
genaamd nie verbygaan voor-
dat alles plaasgevind het nie.[n]
**33** Hemel en aarde sal verby-
gaan,[o] maar my woorde sal hoe-
genaamd nie verbygaan nie.[p]
**34** “Maar let op julleself dat
julle harte nooit beswaar word
met oormatige etery en straw-
we[q] drinkery en sorge[r] van
die lewe, en dié dag skielik,
in ’n oomblik, oor julle kom[s]
**35** soos ’n strik[t] nie. Want dit
sal oor almal kom wat op die
oppervlak van die hele aarde

HFST. 21
a Op 6:12
b Mt 10:17, Mr 13:9, Joh 16:2
c Mt 24:9, Mr 13:9, Han 25:23, Op 2:10
d Flp 1:28
e Lu 12:11
f Mr 13:11, Han 6:10
g 2Ti 3:3
h Mi 7:6, Mt 24:10, Mr 13:12, Han 7:59
i Mt 10:22, Mr 13:13
j 1Sa 14:45, Mt 10:30, Lu 12:7
k 2Kr 15:7, Ro 5:3, Heb 10:36, 2Pe 1:6
l Lu 19:43
m Da 9:26, Mt 23:38, Mt 24:15
n Mt 24:16, Mr 13:14
o De 32:35, De 32:43, Jer 5:29, Ho 9:7
p Mt 24:19, Mr 13:17, Lu 19:44, Lu 23:28

Tweede kol.
a De 28:64, Ps 79:1, Jes 63:18, Da 9:27, Sag 12:3
b Ese 21:26, Ese 21:27, Da 4:25
c Op 6:12
d Jes 57:20, Op 17:15
e Mt 24:29, Mr 13:24
f Sef 1:17
g Jl 2:10, Jl 2:30
h Jes 34:4, 2Pe 3:10
i Da 7:13
j Mt 24:30, Mr 13:26, Op 1:7
k Mt 24:32, Mr 13:28
l Mt 24:33
m Mr 13:29
n Mt 24:34, Mr 13:30
o Mt 5:18
p Mt 24:35, Mr 13:31, Op 3:14
q Jes 5:11
r Mt 6:25, 1Ti 6:8
s Spr 11:4, Jes 5:13, Ro 13:13
t 1Te 5:3

woon.[a] **36** Bly dus wakker[b] en
doen te alle tye smeekbedes[c] dat
julle daarin sal slaag om te ont-
kom aan al hierdie dinge wat
bestem is om te gebeur en om
voor die Seun van die mens te
staan.”[d]

**37** En bedags het hy in die
tempel geleer,[e] maar snags het
hy uitgegaan en op die berg oor-
nag wat die Olyfberg[f] genoem
word. **38** En die hele volk[g]
het soggens vroeg in die tempel
na hom toe gekom om na hom
te luister.

**22** En die fees van die on-
gesuurde koeke, wat die
Pasga genoem word,[h] het nader
gekom. **2** Ook het die hoof-
priesters en die skrifgeleerdes
’n doeltreffende manier gesoek
waarop hulle van hom ontslae
kon raak,[i] want hulle het die
volk gevrees.[j] **3** Maar Satan
het in Judas, wat Iska′riot ge-
noem en onder die twaalf ge-
tel is,[k] ingevaar; **4** en hy het
weggegaan en met die hoof-
priesters en tempelhoofmanne
gepraat oor ’n doeltreffende
manier om hom aan hulle te
verraai.[l] **5** Wel, hulle was bly
en het ooreengekom om hom
silwergeld te gee.[m] **6** Toe het
hy ingestem, en hy het ’n goeie
geleentheid begin soek om hom
aan hulle te verraai sonder dat
daar ’n skare by is.[n]

**7** Die dag van die ongesuur-
de koeke, waarop die pasgaslag-
offer geoffer moet word, het toe
aangebreek;[o] **8** en hy het Pe-
trus en Johannes gestuur en ge-
sê: “Gaan maak die pasga vir
ons gereed[p] dat ons dit kan
eet.” **9** Hulle het vir hom ge-
sê: “Waar wil u hê moet ons dit
gereedmaak?” **10** Hy het vir
hulle gesê:[q] “Kyk! Wanneer jul-
le in die stad ingaan, sal ’n
man wat ’n erdehouer met wa-
ter dra, julle ontmoet. Volg
hom tot in die huis waar hy
ingaan.[a] **11** En julle moet vir
die eienaar van die huis sê: ‘Die
Leermeester sê vir u: “Waar is
die gastevertrek waarin ek
die pasga saam met my dissi-
pels kan eet?” ’[b] **12** En daar-
die man sal julle ’n groot bover-
trek wys wat ingerig is.[c] Maak
dit daar gereed.” **13** Toe het
hulle weggegaan en dit gevind
net soos hy vir hulle gesê het,
en hulle het die pasga gereed-
gemaak.[d]

**14** Toe die uur eindelik kom,
het hy aan tafel gegaan, en
die apostels saam met hom.[e]
**15** En hy het vir hulle gesê:
“Ek het vurig begeer om hier-
die pasga saam met julle te eet
voordat ek ly; **16** want ek sê
vir julle: Ek sal dit nie weer eet
totdat dit in die koninkryk van
God vervul word nie.”[f] **17** En
hy het ’n beker aanvaar,[g] ge-
dank en gesê: “Neem dit en
stuur dit van die een na die an-
der onder julle rond; **18** want
ek sê vir julle: Van nou af sal ek
nie weer van die vrug van die
wingerdstok drink totdat die
koninkryk van God kom nie.”[h]

**19** Ook het hy ’n brood ge-
neem,[i] gedank, dit gebreek en
dit vir hulle gegee en gesê: “Dit
beteken my liggaam,[j] wat vir
julle gegee sal word.[k] Hou aan
om dit tot my gedagtenis te
doen.”[l] **20** Ook die beker[m] op
dieselfde wyse nadat hulle die
aandmaal geëet het, terwyl hy
gesê het: “Hierdie beker bete-
ken die nuwe verbond[n] krag-
tens my bloed,[o] wat vir julle uit-
gestort sal word.[p]

**HFST. 21**
a 1Te 5:2; 2Pe 3:10
b Mt 25:13; Mr 13:33
c Ro 12:12; Ef 6:18; 1Pe 4:7
d Mt 24:42; Mr 13:35; 1Ko 16:13; 1Pe 5:8; Op 6:17; Op 16:15
e Lu 19:47
f Joh 8:1
g Mr 12:37; Lu 19:48

**HFST. 22**
h Eks 12:3; Le 23:5; Joh 13:1; 1Ko 5:7
i Lu 9:22
j Mt 21:46; Mt 26:4; Mr 14:2; Lu 20:19
k Mt 26:14; Mr 14:10; Joh 6:70; Joh 13:2; Joh 13:27; Han 1:17
l Joh 13:18
m Sag 11:12; Mt 26:15; 1Ti 6:10; Jud 11
n Mt 26:16; Mr 14:11
o Eks 12:14; Eks 12:18; Le 23:6; De 16:2; Mt 26:17; Mr 14:12
p Eks 12:8
q 1Sa 10:3

**Tweede kol.**
a Mt 26:18; Mr 14:13
b Mr 14:14
c Mr 14:15
d Mt 26:19; Mr 14:16; Lu 19:32
e Mt 26:20; Mr 14:17
f Lu 13:29; Lu 14:15
g 1Ko 10:16; 1Ko 11:25
h Op 19:9
i Eks 12:8; Eks 12:20; De 16:3; 1Ko 10:17; 1Ko 11:23
j Joh 6:51; 1Ko 10:16
k Heb 10:10; 1Pe 2:24
l Mt 26:26; Mr 14:22; 1Ko 11:24
m Mr 14:23; 1Ko 10:16

---

**n** Jer 31:31; Jer 32:40; 2Ko 3:6; Heb 7:22; Heb 8:8; **o** Eks 24:8; Sag 9:11; Mt 26:28; 1Ko 11:25; Heb 9:18; **p** Ps 50:5; Mt 26:28; Mr 14:24; Heb 2:16; Heb 9:14; 1Pe 1:19.

**21** “Maar kyk! die hand van
my verraaier[a] is by my aan
tafel.[b] **22** Want die Seun van
die mens gaan heen volgens
wat bepaal is;[c] maar wee daar-
die man deur wie hy verraai
word!”[d] **23** Toe het hulle on-
der mekaar die vraag begin be-
spreek wie van hulle dit tog sou
wees wat op die punt gestaan
het om dit te doen.[e]

**24** Daar het egter ook ’n
driftige woordewisseling onder
hulle ontstaan oor wie van hul-
le blykbaar die grootste was.[f]
**25** Maar hy het vir hulle ge-
sê: “Die konings van die na-
sies speel oor hulle baas, en dié
wat oor hulle gesag voer, word
Weldoeners genoem.[g] **26** Jul-
le moet egter nie so wees nie.[h]
Maar laat hy wat die grootste
onder julle is, soos die jong-
ste word,[i] en die een wat as
die vernaamste optree, soos die
een wat dien.[j] **27** Want wat-
ter een is groter: die een wat
aan tafel is of die een wat be-
dien? Is dit nie die een wat aan
tafel is nie? Maar ek is in julle
midde soos die een wat bedien.[k]

**28** “Julle is egter dié wat in
my beproewinge[l] altyddeur by
my gebly het;[m] **29** en ek sluit
’n verbond met julle, net soos
my Vader ’n verbond[n] met my
gesluit het, vir ’n koninkryk,[o]
**30** sodat julle aan my tafel in
my koninkryk[p] kan eet[q] en
drink en op trone kan sit[r] om
die twaalf stamme van Israel te
oordeel.

**31** “Simon, Simon, kyk! Sa-
tan[s] het julle geëis om julle soos
koring te sif.[t] **32** Maar ek het
’n smeekbede[u] vir jou gedoen
dat jou geloof jou nie begewe
nie; en wanneer jy dan terug-
gekeer het, moet jy jou broers
versterk.”[v] **33** Toe het hy vir
hom gesê: “Here, ek is gereed
om saam met u in die gevange-
nis sowel as in die dood in te
gaan.”[a] **34** Maar hy het gesê:
“Ek sê vir jou, Petrus: ’n Haan
sal vandag nie kraai voordat jy
drie keer ontken het dat jy my
ken nie.”[b]

**35** Hy het ook vir hulle ge-
sê: “Toe ek julle sonder beurs
en voedselsak en sandale uitge-
stuur het,[c] het julle gebrek aan
enigiets gehad?” Hulle het gesê:
“Nee!” **36** Toe het hy vir hul-
le gesê: “Maar laat nou die een
wat ’n beurs het, dit opneem, so
ook ’n voedselsak; en laat die
een wat geen swaard het nie, sy
bokleed verkoop en een koop.
**37** Want ek sê vir julle dat
wat geskrywe staan, in my vol-
bring moet word, naamlik: ‘En
hy is saam met wetteloses gere-
ken.’[d] Want wat op my betrek-
king het, word nou volbring.”[e]
**38** Toe het hulle gesê: “Here,
kyk! hier is twee swaarde.” Hy
het vir hulle gesê: “Dit is ge-
noeg.”

**39** Toe hy uitgaan, het hy
soos gewoonlik na die Olyfberg
gegaan; en die dissipels het
hom ook gevolg.[f] **40** Toe hy
by die plek aankom, het hy vir
hulle gesê: “Hou aan bid, so-
dat julle nie in versoeking kom
nie.”[g] **41** En hy het hom van
hulle afgesonder, omtrent ’n
klipgooi ver, en op sy knieë
gegaan en begin bid **42** en
gesê: “Vader, as u wil, neem
hierdie beker van my af weg.
Laat nietemin nie my wil nie,[h]
maar u wil geskied.”[i] **43** Toe
het ’n engel uit die hemel aan
hom verskyn en hom versterk.[j]
**44** Maar hy het in sielsangs ge-
raak en voortgegaan om nog
ernstiger te bid;[k] en sy sweet
het soos bloeddruppels geword

**HFST. 22**

a Ps 41:9
b Mt 26:21; Joh 13:21
c Jes 53; Da 9:26; Han 4:28; 1Pe 1:11
d Mt 26:24
e Mt 26:22; Mr 14:19; Joh 13:22
f Mr 9:34; Lu 9:46
g Mt 20:25; Mr 10:42
h 1Pe 5:3
i Lu 9:48
j Mt 20:26; Mr 10:43; Lu 9:48
k Mt 20:28; Joh 13:4; Flp 2:7
l Ro 8:17; Heb 4:15
m Joh 6:67
n Ps 110:4
o Da 7:27; Lu 12:32; 2Ti 2:12; Heb 12:28; Jak 2:5; Op 1:6
p Lu 13:29; Joh 17:24
q Lu 12:37; Op 19:9
r Mt 19:28; 1Ko 6:2; Op 2:26; Op 3:21; Op 20:6
s 2Ko 2:11; 1Pe 5:8
t Am 9:9; Mt 26:31; Mr 14:27
u Joh 17:15; Heb 7:25; 1Jo 2:1
v Jes 35:3

**Tweede kol.**

a Mt 26:33; Mr 14:29; Joh 13:37
b Mt 26:34; Mr 14:30; Lu 22:61; Joh 13:38
c Mt 10:9; Mr 6:8; Lu 9:3
d Jes 53:12
e Lu 18:31
f Mt 26:30; Mr 14:26; Joh 18:1
g Mt 26:41; Mr 14:38; Lu 22:46
h Mt 26:39; Mr 14:39
i Mt 6:10; Mr 14:36; Joh 5:30; Joh 6:38
j 1Kn 19:5; Jes 49:8; Da 10:18; Mt 4:11

k Joh 12:27; Heb 5:7.

wat op die grond val.[a] **45** En
hy het van die gebed opgestaan,
na die dissipels toe gegaan en
hulle sluimerend van droefheid
gevind;[b] **46** en hy het vir hul-
le gesê: “Waarom slaap julle?
Staan op en hou aan bid, so-
dat julle nie in versoeking kom
nie.”[c]

**47** Terwyl hy nog gepraat
het, kyk! ’n skare, en die man
met die naam Judas, een van
die twaalf, het voor hulle uit ge-
gaan;[d] en hy het nader gekom
na Jesus toe om hom te soen.[e]
**48** Maar Jesus het vir hom ge-
sê: “Judas, verraai jy die Seun
van die mens met ’n soen?”[f]
**49** Toe dié om hom sien wat
gaan gebeur, het hulle gesê:
“Here, sal ons met die swaard
slaan?”[g] **50** Een van hulle hét
selfs die slaaf van die hoëpries-
ter geslaan en sy regteroor af-
gekap.[h] **51** Maar Jesus het ge-
antwoord en gesê: “LAAT dit
hierby bly.” En hy het die oor
aangeraak en hom gesond ge-
maak.[i] **52** Jesus het toe vir
die hoofpriesters en hoofman-
ne van die tempel en ouer man-
ne wat hom daar kom haal het,
gesê: “Het julle soos teen ’n ro-
wer uitgekom met swaarde en
knuppels?[j] **53** Terwyl ek dag
vir dag by julle in die tempel
was,[k] het julle nie die hande
teen my uitgesteek nie.[l] Maar
dit is julle uur[m] en die gesag[n]
van die duisternis.”[o]

**54** Toe het hulle hom gear-
resteer en weggelei[p] en in die
huis van die hoëpriester inge-
bring;[q] maar Petrus het op ’n
afstand gevolg.[r] **55** Toe hulle
’n vuur in die middel van die
binnehof aangesteek en byme-
kaar gaan sit het, het Petrus
tussen hulle gesit.[s] **56** Maar
’n sekere diensmeisie het hom
by die helder vuur sien sit en
hom bekyk en gesê: “Hierdie
man was ook saam met hom.”[a]
**57** Maar hy het dit ontken[b] en
gesê: “Ek ken hom nie, vrou.”[c]
**58** En na ’n rukkie het iemand
anders wat hom gesien het, ge-
sê: “Jy is ook een van hulle.”
Maar Petrus het gesê: “Man,
ek is nie.”[d] **59** En nadat om-
trent ’n uur verloop het, het ’n
ander man nadruklik begin be-
weer: “Hierdie man was vir se-
ker ook saam met hom; want hy
is ’n Galileër!”[e] **60** Maar Pe-
trus het gesê: “Man, ek weet
nie waarvan jy praat nie.” En
oombliklik, terwyl hy nog ge-
praat het, het ’n haan gekraai.[f]
**61** En die Here het omgedraai
en Petrus aangekyk, en Petrus
het die woord van die Here ont-
hou toe hy vir hom gesê het:
“Voordat ’n haan vandag kraai,
sal jy my drie keer verloën.”[g]
**62** En hy het buitentoe gegaan
en bitterlik gehuil.[h]

**63** En die manne wat hom
bewaak het, het die spot met
hom begin dryf[i] en hom[j] ge-
slaan;[k] **64** en nadat hulle hom
bedek het, het hulle gevra en
gesê: “Profeteer. Wie is dit wat
jou geslaan het?”[l] **65** En hulle
het nog baie ander lasterlike[m]
dinge teen hom gesê.

**66** Toe dit eindelik dag word,
het die vergadering van ouer
manne van die volk bymekaar-
gekom,[n] hoofpriesters sowel as
skrifgeleerdes, en hulle het
hom in hulle San′hedrinsaal in-
gesleep en gesê:[o] **67** “As jy die
Christus is,[p] sê vir ons.” Maar
hy het vir hulle gesê: “Selfs al
sou ek vir julle sê, sal julle dit
glad nie glo nie.[q] **68** En al sou
ek julle vra, sal julle glad nie
antwoord nie.[r] **69** Maar van
nou af sal die Seun van die
mens[s] aan die kragtige regter-

**HFST. 22**

a Jes 53:7, Jes 53:10, Lu 12:50
b Mt 26:40, Mr 14:37
c Mt 26:41, Mr 14:38, Lu 22:40
d Mt 26:47, Mr 14:43, Joh 18:2
e 2Sa 20:9
f Mt 26:48, Mr 14:45
g Lu 22:36
h Mt 26:51, Mr 14:47, Joh 18:10
i Joh 18:11
j Mt 26:55, Mr 14:48
k Lu 19:47
l Joh 7:30
m Joh 12:27
n Joh 19:11
o Kol 1:13
p Jes 53:7, Han 8:32
q Mt 26:57
r Mt 26:58, Mr 14:54, Joh 18:15
s Joh 18:18

**Tweede kol.**

a Mt 26:69, Mr 14:67
b Spr 29:25
c Mt 26:70, Mr 14:68
d Mt 26:71, Mr 14:69, Joh 18:25
e Mt 26:73, Mr 14:70, Joh 18:26
f Mt 26:74, Mr 14:71, Joh 18:27
g Mt 26:75, Mr 14:72
h Jes 66:2, Ese 7:16, 1Ko 10:12, 2Ko 7:10
i Ps 22:7
j Mt 26:67, Mr 14:65
k Jes 50:6, Jes 53:5
l Mt 26:68
m Ps 44:16, Jes 51:7
n Ps 2:2, Han 4:26
o Mt 27:1, Mr 15:1
p Mt 26:63, Mr 14:61, Joh 10:24
q Joh 3:12, Joh 8:45
r Lu 20:7
s Da 7:13, Op 1:7

hand[a] van God[b] sit.” **70** Hier-
op het hulle almal gesê: “Is jy
dan die Seun van God?” Hy het
vir hulle gesê: “Julle sê self dat
ek dit is.”[c] **71** Hulle het gesê:
“Waarom het ons nog getuienis
nodig?[d] Want ons het dit self uit
sy eie mond gehoor.”[e]

**23** En hulle almal, die hele
menigte, het opgestaan
en hom na Pilatus toe gelei.[f]
**2** Toe het hulle hom begin be-
skuldig[g] en gesê: “Ons het ge-
vind dat hierdie man ons nasie
ondermyn[h] en die betaling van
belasting aan die keiser ver-
bied[i] en sê dat hy self Chris-
tus, ’n koning, is.”[j] **3** En Pila-
tus het hom gevra: “Is jy die
koning van die Jode?” Hy het
hom geantwoord en gesê: “U
sê dit self.”[k] **4** Toe het Pilatus
vir die hoofpriesters en die ska-
re gesê: “Ek vind geen misdaad
in hierdie man nie.”[l] **5** Maar
hulle het begin aandring en ge-
sê: “Hy steek die volk op deur in
die hele Jude′a te leer, ja, van
Galile′a af tot hier.” **6** Toe Pi-
latus dit hoor, het hy gevra of
die man ’n Galileër is, **7** en
nadat hy vasgestel het dat hy
uit die regsgebied van Hero-
des was,[m] het hy hom na Hero-
des toe gestuur, wat self ook in
hierdie dae in Jerusalem was.

**8** Toe Herodes Jesus sien,
was hy baie bly, want hy wou
hom al geruime tyd gesien het[n]
omdat hy van hom gehoor het,[o]
en hy het gehoop om hom die
een of ander teken te sien doen.
**9** En hy het hom met baie
woorde begin ondervra; maar
hy het hom geen antwoord ge-
gee nie.[p] **10** Die hoofpriesters
en die skrifgeleerdes het egter
aanhoudend opgestaan en hom
heftig bly beskuldig.[q] **11** Toe
het Herodes saam met die sol-
date van sy wag hom met ver-
agting behandel,[a] en hy het met
hom die spot gedryf[b] deur vir
hom ’n blink kleed aan te trek
en het hom na Pilatus toe te-
ruggestuur. **12** En op daardie
selfde dag het Herodes en Pila-
tus[c] vriende geword; want hulle
het voorheen in voortdurende
vyandskap met mekaar geleef.

**13** Pilatus het toe die hoof-
priesters en die heersers en die
volk bymekaargeroep **14** en
vir hulle gesê: “Julle het hier-
die man na my toe gebring as
iemand wat die volk tot op-
stand aanhits, en kyk! ek het
hom voor julle in verhoor ge-
neem, maar het in hierdie man
geen grond gevind[d] vir die aan-
klagte wat julle teen hom in-
bring nie. **15** Trouens, Hero-
des het ook nie, want hy het
hom na ons toe teruggestuur;
en kyk! hy het niks gedoen wat
die dood verdien nie.[e] **16** Ek
sal hom dus kasty[f] en vrylaat.”
**17** —— **18** Maar hulle almal,
die hele menigte, het uitgeroep
en gesê: “Neem hom weg,[g] maar
laat Barab′bas vir ons vry!”[h]
**19** (Dié is weens ’n sekere op-
stand wat in die stad plaasge-
vind het en weens moord in die
gevangenis gegooi.) **20** Weer
het Pilatus hulle toegeroep,
want hy wou Jesus vrylaat.[i]
**21** Toe het hulle begin skreeu
en gesê: “Hang hom aan die
paal! Hang hom aan die paal!”[j]
**22** Vir die derde keer het hy
vir hulle gesê: “Wat het hier-
die man dan gedoen wat sleg
is? Ek het niks in hom gevind
wat die dood verdien nie; ek
sal hom dus kasty en vrylaat.”[k]
**23** Hierop het hulle met harde
stemme sterk begin aandring
en geëis dat hy aan die paal
gehang moet word; en hulle
stemme het die oorhand begin

**HFST. 22**
a Ps 110:1
b Mt 26:64; Mr 14:62; Han 2:33; Han 7:55; Ro 8:34; Kol 3:1; Heb 1:3
c Mt 27:11; Mr 15:2
d De 17:6
e Mt 26:65; Mr 14:63

**HFST. 23**
f Mt 27:2; Mr 15:1; Joh 18:28
g 1Kn 21:10; Ps 35:11
h Joh 12:19; Han 24:5
i Spr 25:18; Mr 12:17
j Joh 1:49; Joh 18:36
k Mt 27:11; 1Ti 6:13
l Joh 18:38; Heb 7:26; 1Pe 2:22
m Lu 3:1
n Lu 9:9
o Mt 14:1; Mr 6:14
p Ps 39:1; Jes 53:7
q Han 25:7

**Tweede kol.**
a Jes 53:3; Lu 9:22
b Ps 22:7
c Han 4:27
d Joh 18:38
e Han 23:29
f Mt 27:26; Joh 19:1
g Jes 49:7
h Mt 27:20; Mr 15:11; Joh 18:40
i Mt 27:22; Mr 15:12; Joh 19:12
j Mr 15:13; Joh 19:6
k Mt 27:23; Mr 15:14

kry.[a] **24** Toe het Pilatus uitspraak gelewer dat daar aan hulle eis voldoen moes word:[b] **25** hy het die man vrygelaat[c] wat weens opstand en moord in die gevangenis gegooi is en wat hulle geëis het, maar hy het Jesus aan hulle wil oorgelewer.[d]

**26** En terwyl hulle hom weggelei het, het hulle Simon, ’n sekere boorling van Sire′ne, wat van die platteland af gekom het, gegryp en die folterpaal op hom gesit om dit agter Jesus aan te dra.[e] **27** Maar ’n groot menigte van die volk en van vroue wat hulleself aanhoudend in droefheid geslaan en oor hom geweeklaag het, het hom gevolg. **28** Jesus het omgedraai na die vroue en gesê: “Dogters van Jerusalem, hou op om oor my te huil. Maar huil oor julleself en oor julle kinders;[f] **29** want kyk! daar kom dae waarin mense sal sê: ‘Gelukkig is die onvrugbare vroue en die moederskote wat nie geboorte gegee het nie en die borste wat nie gesoog het nie!’[g] **30** Dan sal hulle vir die berge begin sê: ‘Val op ons!’ en vir die heuwels: ‘Bedek ons!’[h] **31** Want as hulle hierdie dinge doen wanneer die boom vogtig is, wat sal gebeur wanneer hy verdor is?”[i]

**32** Maar twee ander manne, kwaaddoeners, is ook weggelei om saam met hom tereggestel te word.[j] **33** En toe hulle by die plek kom wat Skedel genoem word,[k] het hulle hom en die kwaaddoeners daar aan pale gehang, een aan sy regter- en een aan sy linkerkant.[l] **34** [[Maar Jesus het gesê: “Vader, vergewe hulle,[m] want hulle weet nie wat hulle doen nie.”]] Daarbenewens het hulle die lot gewerp om sy klere te verdeel.[n] **35** En die volk het gestaan en toekyk.[a] Maar die heersers het hom uitgelag en gesê: “Ander het hy gered; laat hy homself red[b] as hy die Christus van God, die Uitverkorene, is.”[c] **36** Selfs die soldate het met hom die spot gedryf[d] en nader gekom en vir hom suur wyn aangebied[e] **37** en gesê: “As jy die koning van die Jode is, red jouself.” **38** Daar was ook ’n opskrif bo hom: “Dit is die koning van die Jode.”[f]

**39** Maar een van die gehangde kwaaddoeners het hom begin smaad[g] en gesê: “Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself en ons.” **40** Die ander een het hom bestrawwend geantwoord en gesê: “Vrees jy God glad nie, noudat jy in dieselfde oordeel is?[h] **41** En ons inderdaad tereg, want ons ontvang ten volle wat ons verdien vir dinge wat ons gedoen het; maar hierdie man het niks slegs gedoen nie.”[i] **42** En hy het verder gesê: “Jesus, dink aan my wanneer u in u koninkryk kom.”[j] **43** En hy het vir hom gesê: “Voorwaar, ek sê vir jou vandag: Jy sal saam met my[k] in die Paradys[l] wees.”

**44** Wel, dit was toe omtrent die sesde uur, en tog het daar ’n duisternis oor die hele aarde gekom, tot die negende uur toe,[m] **45** want die sonlig het verdwyn; toe het die voorhangsel[n] van die heiligdom middeldeur geskeur.[o] **46** En Jesus het met ’n harde stem geroep en gesê: “Vader, in u hande vertrou ek my gees toe.”[p] Toe hy dit gesê het, het hy die laaste asem uitgeblaas.[q] **47** Omdat die leëroffisier gesien het wat gebeur het, het hy God begin verheerlik en gesê: “Waarlik, hierdie man was regverdig.”[r] **48** En toe die hele skare wat

**HFST. 23**
a Eks 23:2 Joh 19:15
b Mr 15:15 Joh 19:16
c Spr 17:15
d Mt 27:26
e Mr 15:21 Joh 19:17
f De 28:57 Jer 9:19 Mr 13:17 Lu 19:44
g Mt 24:19 Lu 21:23
h Jes 2:19 Ho 10:8 Op 6:16
i Spr 11:31 Jer 25:29 Ese 20:47 1Pe 4:17
j Jes 53:12 Mt 27:38
k Mt 27:33
l Joh 19:18
m Han 7:60
n Ps 22:18 Jes 53:12 Mt 27:35 Mr 15:24

**Tweede kol.**
a Sag 12:10
b Ps 22:8
c Mt 27:42 Mr 15:31
d Ps 22:7
e Ps 69:21
f Mt 27:37 Mr 15:26 Joh 19:19
g Mt 26:68 Mt 27:44 Mr 15:32
h Jer 5:3
i 1Pe 1:19
j Lu 1:32
k Joh 5:29 Han 24:15
l Jes 11:6 Jes 35:1 Jes 65:17 Op 21:1
m Am 8:9 Mt 27:45 Mr 15:33
n Eks 26:31 Eks 36:35
o Heb 10:20
p Ps 31:5 Han 7:59
q Mt 27:50
r Mt 27:54

vir hierdie skouspel daar byme-
kaar was, die dinge sien wat
gebeur het, het hulle begin te-
rugkeer, terwyl hulle hulleself
op die bors geslaan het. **49** En
almal wat hom geken het, het
op ’n afstand gestaan.[a] Ook
vroue, wat hom saam van Ga-
lile′a af gevolg het, het hierdie
dinge gestaan en aanskou.[b]

**50** En kyk! ’n man met die
naam Josef, wat ’n lid van die
Raad was, ’n goeie en regverdi-
ge man[c]— **51** hierdie man het
nie ten gunste van hulle plan en
optrede gestem nie[d]—hy was
van Arimate′a, ’n stad van die
Judeërs, en het op die konink-
ryk van God gewag;[e] **52** hier-
die man het na Pilatus toe ge-
gaan en die liggaam van Jesus
gevra.[f] **53** En hy het dit af-
gehaal[g] en dit in fyn linne
toegedraai, en hy het hom in
’n graf neergelê[h] wat in die
rots uitgekap was, waarin geen
mens nog gelê het nie.[i] **54** En
dit was die Voorbereidingsdag,[j]
en die aandlig van die sabbat[k]
het nader gekom. **55** Maar
die vroue, wat saam met hom
uit Galile′a gekom het, het ge-
volg en die gedenkgraf[l] bekyk
en hoe sy liggaam neergelê is;[m]
**56** en hulle het teruggegaan
om speserye en welriekende
olies[n] voor te berei. Maar hulle
het natuurlik volgens die gebod
op die sabbat gerus.[o]

**24** Op die eerste dag van die
week het hulle egter baie
vroeg na die graf gegaan en
die speserye geneem wat hulle
voorberei het.[p] **2** Maar hulle
het die klip van die gedenkgraf
af weggerol gevind,[q] **3** en toe
hulle ingaan, het hulle nie die
liggaam van die Here Jesus
gevind nie.[r] **4** Terwyl hulle
hieroor verbysterd was, kyk!
toe het twee manne in glinste-
rende klere by hulle gestaan.[a]
**5** Toe die vroue bang word en
hulle gesigte na die grond ge-
keer hou, het die manne vir
hulle gesê: “Waarom soek julle
die Lewende onder die dooies?
**6** [[Hy is nie hier nie, maar is
opgewek.]][b] Onthou hoe hy met
julle gepraat het toe hy nog
in Galile′a was[c] **7** en gesê het
dat die Seun van die mens in die
hande van sondige mense oor-
gelewer en aan die paal gehang
moet word en tog op die der-
de dag sal opstaan.”[d] **8** Toe
het hulle sy woorde onthou,[e]
**9** en hulle het teruggekeer van
die gedenkgraf af en al hierdie
dinge vir die elf en vir al die an-
der vertel.[f] **10** Hulle was die
Magdaleense Maria en Johan-
na[g] en Maria, die moeder van
Jakobus. Ook die res van die
vroue[h] wat saam met hulle was,
het hierdie dinge vir die apos-
tels vertel. **11** Hierdie woor-
de het egter vir hulle na onsin
gelyk, en hulle het die vroue nie
geglo nie.[i]

**12** [[Maar Petrus het opge-
staan en na die gedenkgraf ge-
hardloop, en toe hy vooroor
buk, het hy net die verbande ge-
sien. Toe het hy weggegaan, en
hy het hom verwonder oor wat
gebeur het.]]

**13** Maar kyk! op daardie self-
de dag was twee van hulle op
reis na ’n dorpie met die naam
Em′maus, wat omtrent elf ki-
lometer van Jerusalem af was,
**14** en hulle het met mekaar ge-
praat oor al hierdie dinge[j] wat
gebeur het.

**15** En terwyl hulle gepraat
en gedagtes gewissel het,
het Jesus self nader gekom[k]
en saam met hulle begin loop;
**16** maar hulle oë is verhinder

**HFST. 23**
a Ps 38:11, Ps 88:8
b Mt 27:55, Mr 15:40, Lu 8:2
c Mt 27:57, Mr 15:43, Joh 19:38
d Ge 37:21
e Mr 15:43, Lu 2:25
f Mt 27:58
g De 21:23
h Jes 53:9
i Mt 27:59, Mr 15:46
j Eks 12:6, Mt 27:62, Mr 15:42, Joh 19:42
k Eks 20:10, De 5:14
l Joh 5:28
m Mt 27:61, Mr 15:47
n Mt 26:7
o Eks 16:29, Eks 20:8, Eks 31:15, De 5:12

**HFST. 24**
p Mt 28:1, Mr 16:1, Joh 20:1
q Mr 16:4
r Mr 16:5

**Tweede kol.**
a Rig 13:6, Mt 28:5, Han 1:10
b Mt 28:6, Mr 16:6
c Mt 28:7, Mr 16:7
d Jon 1:17, Mt 16:21, Mr 8:31, Lu 9:22, Han 17:3
e Joh 2:22
f Mt 28:8
g Lu 8:3
h Lu 8:2
i Ge 45:26
j Lu 9:22
k Mt 18:20

om hom te herken.[a] **17** Hy
het vir hulle gesê: "Watter sake
is dit wat julle so druk met
mekaar loop en bespreek?" En
hulle het met droewige gesig-
te gaan staan. **18** Die een met
die naam Kle′opas het geant-
woord en vir hom gesê: "Woon u
as 'n vreemdeling alleen in Je-
rusalem en weet u daarom nie
van die dinge wat in hierdie dae
daarin gebeur het nie?" **19** En
hy het vir hulle gesê: "Watter
dinge?" Hulle het vir hom gesê:
"Die dinge aangaande Jesus die
Nasarener,[b] wat 'n profeet ge-
word het[c] wat voor God en die
hele volk kragtig was in werk
en woord; **20** en hoe ons hoof-
priesters en heersers hom tot
die doodsvonnis oorgelewer en
hom aan die paal gehang het.[d]
**21** Maar ons het gehoop dat
hierdie man die een was wat be-
stem is om Israel te verlos;[e] ja,
en benewens al hierdie dinge is
dit al die derde dag sedert hier-
die dinge gebeur het. **22** Bo-
wendien het sekere vroue[f] uit
ons midde ons ook verbaas,
want hulle is vroeg na die ge-
denkgraf, **23** maar het nie sy
liggaam gevind nie, en hulle het
kom sê dat hulle ook 'n bona-
tuurlike gesig gesien het van
engele wat gesê het dat hy le-
we. **24** En party van dié wat
by ons was, het na die gedenk-
graf gegaan;[g] en hulle het dit so
gevind, net soos die vroue gesê
het, maar hulle het hom nie ge-
sien nie."

**25** Toe het hy vir hulle gesê:
"O onverstandiges, wat traag
van hart is om alles te glo
wat die profete gespreek het![h]
**26** Moes die Christus nie hier-
die dinge ly[i] en in sy heerlik-
heid ingaan nie?"[j] **27** En hy
het by Moses[k] en al die Profete[l]
begin en vir hulle dinge in die
hele Skrif uitgelê wat op hom
betrekking het.

**28** Uiteindelik het hulle naby
die dorpie gekom waarheen hul-
le op reis was, en hy het ge-
maak of hy verder wou reis.
**29** Maar hulle het druk op hom
uitgeoefen en gesê: "Bly by ons,
want dit is amper aand en die
dag het reeds gedaal." Daarop
het hy ingegaan om by hulle te
bly. **30** En terwyl hy geduren-
de die maaltyd saam met hulle
aan tafel was, het hy die brood
geneem, dit geseën, gebreek en
vir hulle begin gee.[a] **31** Daar-
op is hulle oë ten volle ge-
open en het hulle hom herken;
en hy het voor hulle verdwyn.[b]
**32** En hulle het vir mekaar ge-
sê: "Het ons hart nie gebrand
toe hy op die pad met ons ge-
praat het, toe hy die Skrif ten
volle vir ons geopen het nie?"
**33** En in daardie selfde uur het
hulle opgestaan en na Jerusa-
lem teruggekeer, en hulle het
die elf en dié wat saam met
hulle was, bymekaar gevind,
**34** wat gesê het: "Die Here is
werklik opgewek en het aan
Simon verskyn!"[c] **35** Toe het
hulle vertel wat op die pad ge-
beur het en hoe hy deur die bre-
king van die brood aan hulle be-
kend geword het.[d]

**36** Terwyl hulle oor hierdie
dinge gepraat het, het hy self
in hulle midde gestaan [[en
vir hulle gesê: "Mag julle vre-
de hê."]] **37** Maar omdat hul-
le verskrik was en bang geword
het,[e] het hulle gedink dat hul-
le 'n gees sien. **38** Toe het hy
vir hulle gesê: "Waarom is jul-
le verontrus, en waarom kom
daar twyfel in julle harte op?
**39** Kyk na my hande en my voe-
te, en sien dat dit ek self is; voel[f]
aan my en kyk, want 'n gees
het nie vlees en bene[g] soos jul-

**HFST. 24**
a Joh 20:14; Joh 21:4
b Mt 2:23; Mt 21:11
c De 18:18; Lu 7:16; Joh 3:2; Joh 6:14; Han 2:22
d Lu 23:1; Han 3:13; Han 13:27
e Han 1:6
f Mt 28:8; Lu 24:10
g Lu 24:12; Joh 20:3
h Ps 22; Jes 53; Joh 20:27
i Han 17:3; 1Ko 15:3
j Joh 20:9; Flp 2:9; Heb 2:9; 1Pe 1:11
k Ge 3:15; Ge 22:18; Ge 49:10; Nu 21:9; De 18:15
l Jes 7:14; Jes 9:6; Jer 23:5; Ese 34:23; Da 9:24; Mi 5:2; Mal 3:1; Joh 1:45; Han 10:43; Han 26:22

**Tweede kol.**
a Mt 14:19; Mt 15:36; Mr 6:41
b Joh 20:19
c 1Ko 15:5
d Lu 9:16
e Mt 14:26
f 1Jo 1:1
g 1Ko 15:50

le sien dat ek het nie.” **40** [[En
terwyl hy dit gesê het, het hy
vir hulle sy hande en sy voete
gewys.]] **41** Maar toe hulle uit
louter vreugde nog nie glo nie[a]
en hulle verwonder, het hy vir
hulle gesê: “Het julle iets daar
om te eet?”[b] **42** En hulle het
hom ’n stuk geroosterde vis[c] ge-
gee; **43** en hy het dit geneem
en dit voor hulle oë geëet.[d]

**44** En hy het vir hulle ge-
sê: “Dít is my woorde wat ek
tot julle gespreek het terwyl
ek nog by julle was,[e] dat al die
dinge wat in die wet van Moses
en in die Profete[f] en Psalms[g]
oor my geskrywe staan, ver-
vul moet word.” **45** Toe het
hy hulle verstand ten volle ge-
open om die betekenis van die
Skrif te begryp,[h] **46** en hy het
vir hulle gesê: “So staan daar
geskrywe dat die Christus sou
ly en op die derde dag uit die
dode sou opstaan,[a] **47** en in
sy naam sou berou tot vergif-
nis van sondes[b] in al die nasies
verkondig word[c]—en van Jeru-
salem af[d] **48** moet julle getui-
es[e] van hierdie dinge wees.
**49** En kyk! ek stuur dit oor jul-
le uit wat deur my Vader beloof
word. Julle moet egter in die
stad bly totdat julle met krag
van bo beklee word.”[f]

**50** Maar hy het hulle uit-
gelei tot by Beta′nië, en hy
het sy hande opgehef en hul-
le geseën.[g] **51** Terwyl hy hul-
le geseën het, is hy van hul-
le geskei en omhoog gevoer na
die hemel.[h] **52** En hulle het
aan hom hulde bewys en met
groot vreugde na Jerusalem te-
ruggekeer.[i] **53** En hulle was
voortdurend in die tempel en
het God geloof.[j]

**HFST. 24**
**a** Ge 45:26
**b** Joh 21:5
**c** Joh 21:13
**d** Han 10:41
**e** Mt 16:21; Lu 9:22; Joh 5:39
**f** Lu 24:27
**g** Ps 2:2; Ps 16:10; Ps 27:12; Ps 69:9; Ps 78:2; Ps 118:22; Ps 132:11
**h** Joh 12:16

**Tweede kol.**
**a** Jes 53:5; Ho 6:2; Jon 1:17; Mr 9:31
**b** Han 5:31; Han 13:38
**c** Ge 22:18; 1Ko 15:12; Ga 3:14; 1Ti 3:16
**d** Han 4:2; Han 5:28
**e** Joh 15:27; Han 1:8
**f** Jl 2:28; Joh 14:16; Han 1:4; Han 2:4
**g** De 33:1
**h** Han 1:9
**i** Joh 14:28; Joh 16:22; Han 1:10; Han 1:12; **j** Han 2:46.

VOLGENS

# JOHANNES

**1** In die begin[a] was die
Woord,[b] en die Woord was
by God,[c] en die Woord was ’n
god.[d] **2** Dié een was in die be-
gin[e] by God.[f] **3** Alles het deur
hom ontstaan,[g] en sonder hom
het nie eers een ding ontstaan
nie.

Wat ontstaan het **4** deur
middel van hom, was lewe,[h] en
die lewe was die lig[i] van die
mense. **5** En die lig skyn in
die duisternis,[j] maar die duis-
ternis het dit nie oorweldig nie.

**6** Daar het ’n man opge-
staan wat as ’n verteenwoordi-
ger van God uitgestuur is:[k] sy
naam was Johannes.[l] **7** Hier-
die man het gekom as ’n getuie-
nis,[a] om aangaande die lig te ge-
tuig,[b] sodat alle soorte mense
deur hom sou glo.[c] **8** Hy was
nie daardie lig nie,[d] maar hy
moes aangaande daardie lig ge-
tuig.[e]

**9** Die ware lig[f] wat vir elke
soort mens[g] lig gee,[h] het op die
punt gestaan om in die wêreld
in te kom. **10** Hy was in die
wêreld[i] en die wêreld het deur
hom ontstaan,[j] maar die wêreld
het hom nie geken nie. **11** Hy
het na sy eie huis gekom, maar

**HFST. 1**
**a** Spr 8:22; Kol 1:15; Op 3:14
**b** Joh 12:50; Op 19:13
**c** Spr 8:30; Joh 17:5
**d** Jes 9:6; Joh 1:18; Joh 10:35; Flp 2:6
**e** Ge 1:1; Mi 5:2
**f** Ge 1:26; Ge 3:22
**g** Joh 1:10; 1Ko 8:6; Kol 1:16; Heb 1:2
**h** Joh 5:26; Han 3:15; 1Jo 1:2; 1Jo 5:11
**i** Joh 8:12
**j** Joh 3:19; Joh 12:35
**k** Lu 3:2
**l** Mt 3:1; Lu 1:13;

**Tweede kol.** **a** Jes 40:3; Joh 5:33; **b** Mt 3:11; **c** Han 19:4; **d** Joh 1:20; Han 13:25; **e** Joh 5:36; **f** Mt 4:16; Joh 3:19; 1Jo 2:8; **g** Han 13:47; **h** Joh 9:39; Joh 12:46; **i** Joh 1:14; **j** Joh 1:3.

sy eie mense het hom nie inge-
neem nie.[a] **12** Aan almal wat
hom wel aangeneem het,[b] het
hy egter die reg gegee om God
se kinders te word,[c] omdat hul-
le geloof in sy naam beoefen
het;[d] **13** en hulle is nie uit
bloed of uit 'n vleeslike wil of
uit die wil van 'n man gebore
nie, maar uit God.[e]

**14** En die Woord het vlees
geword[f] en onder ons gewoon,
en ons het sy heerlikheid aan-
skou, 'n heerlikheid soos dié
van 'n enigverwekte seun[g] wat
van 'n vader kom; en hy was
vol onverdiende goedhartig-
heid en waarheid.[h] **15** (Johan-
nes het aangaande hom getuig,
ja, hy het in werklikheid uitge-
roep—dit was hy wat dit gesê
het—en gesê: "Die een wat ná
my kom, het voor my uit ge-
gaan, want hy het voor my be-
staan.")[i] **16** Want ons het al-
mal uit sy volheid ontvang,[j] ja,
onverdiende goedhartigheid op
onverdiende goedhartigheid.[k]
**17** Want die Wet is deur mid-
del van Moses gegee;[l] die on-
verdiende goedhartigheid[m] en
die waarheid[n] het deur mid-
del van Jesus Christus gekom.
**18** Geen mens het God ooit
gesien nie;[o] die enigverwekte
god[p] wat in die boesemposisie[q]
by die Vader is, dié het hom ver-
klaar.[r]

**19** En dít is die getuienis van
Johannes toe die Jode pries-
ters en Leviete uit Jerusalem
na hom toe gestuur het om hom
te vra: "Wie is jy?"[s] **20** En hy
het bely en nie ontken nie, maar
het bely: "Ek is nie die Christus
nie."[t] **21** En hulle het hom ge-
vra: "Wat dan? Is jy Eli'a?"[u] En
hy het gesê: "Ek is nie." "Is jy
Die Profeet?"[v] En hy het geant-
woord: "Nee!" **22** Daarom het
hulle vir hom gesê: "Wie is jy?
—sodat ons 'n antwoord kan
gee aan dié wat ons gestuur het.
Wat sê jy oor jouself?"[a] **23** Hy
het gesê: "Ek is 'n stem van
iemand wat in die wildernis uit-
roep: 'MAAK die weg van Jeho-
vah reguit', net soos die profeet
Jesaja gesê het."[b] **24** En dié
wat uitgestuur is, was van die
Fariseërs af. **25** Toe het hulle
hom uitgevra en vir hom gesê:
"Waarom doop jy dan[c] as jy self
nie die Christus of Eli'a of Die
Profeet is nie?" **26** Johannes
het hulle geantwoord en gesê:
"Ek doop in water. In julle mid-
de[d] staan iemand wat julle nie
ken nie,[e] **27** die een wat ná
my kom, maar ek is nie waar-
dig om die riem van sy sandaal
los te maak nie."[f] **28** Hierdie
dinge het in Beta'nië oorkant
die Jordaan plaasgevind, waar
Johannes gedoop het.[g]

**29** Die volgende dag het hy
Jesus na hom toe sien kom, en
hy het gesê: "Kyk, die Lam[h]
van God wat die sonde van
die wêreld[i] wegneem![j] **30** Dit
is die een van wie ek gesê het:
Ná my kom 'n man wat voor
my uit gegaan het, want hy het
voor my bestaan.[k] **31** Selfs ek
het hom nie geken nie, maar
die rede waarom ek in water
kom doop het, was sodat hy
aan Israel openbaar gemaak
kon word."[l] **32** Johannes het
ook getuig en gesê: "Ek het die
gees soos 'n duif uit die hemel
sien neerdaal, en dit het op hom
gebly.[m] **33** Selfs ek het hom
nie geken nie, maar Hý wat my
gestuur het[n] om in water te
doop, het vir my gesê: 'Die een
op wie jy die gees sien neerdaal
en bly, dit is hy wat in heilige
gees doop.'[o] **34** En ek het dit

**HFST. 1**
a Lu 19:14
b Ro 9:27
c Ro 8:16; 2Ko 6:18; Ef 1:5; 1Jo 3:1
d Ga 3:26
e Joh 3:3; Jak 1:18; 1Pe 1:23; 1Jo 3:9
f Flp 2:7; 1Ti 3:16; Heb 2:14; 1Jo 4:2; 2Jo 7
g Joh 3:16; 1Jo 4:9
h Ef 4:21
i Lu 3:16; Joh 8:58; Kol 1:17
j Kol 1:19; Kol 2:3; Kol 2:9
k Ef 1:6
l Eks 31:18; De 4:44; Joh 7:19
m Ro 3:24; Ro 6:14
n Joh 8:32; Joh 14:6; Joh 18:37; 2Ko 1:20
o Eks 33:20; Joh 6:46; 1Jo 4:12
p Joh 1:1
q Spr 8:30; Joh 13:23
r Mt 11:27; Lu 10:22; 1Jo 3:2
s Lu 3:15
t Joh 3:28; Han 13:25
u Mal 4:5; Mt 11:14; Mt 17:10; Mr 9:13
v De 18:15; Joh 6:14; Joh 7:40; Han 3:22

**Tweede kol.**
a Lu 3:16
b Jes 40:3; Mt 3:3; Lu 1:17; Lu 1:76; Lu 7:27; Joh 3:28
c Mt 21:25
d Lu 17:21
e Jes 53:2
f Mt 3:11; Han 13:25
g Mt 3:6
h Eks 12:3; Jes 53:7; 1Ko 5:7; 1Pe 1:19; Op 5:6
i Joh 6:51; 1Jo 2:2; 1Jo 4:14

**j** Jes 53:11; 1Ko 15:3; Heb 9:14; 1Pe 2:24; 1Jo 3:5; **k** Joh 1:15; Joh 8:58; Kol 1:17; **l** Jes 40:3; Mal 3:1; Lu 1:76; Han 19:4; **m** Mt 3:16; Mr 1:10; Lu 3:22; **n** Lu 3:2; **o** Mt 3:11; Han 1:5; Han 2:4.

gesien, en ek het getuig dat dié
een die Seun van God is.”[a]
**35** Die volgende dag het Jo-
hannes weer daar gestaan met
twee van sy dissipels, **36** en
toe hy Jesus sien loop, het hy
gesê: “Kyk, die Lam[b] van God!”
**37** En die twee dissipels het
hom hoor praat, en hulle het Je-
sus gevolg. **38** Daarop het Je-
sus omgedraai, en toe hy hulle
sien volg, het hy vir hulle gesê:
“Waarna soek julle?” Hulle het
vir hom gesê: “Rabbi (wat, wan-
neer dit vertaal word, Leer-
meester beteken), waar gaan
u tuis?” **39** Hy het vir hulle
gesê: “Kom, en julle sal sien.”[c]
Daarop het hulle gegaan en ge-
sien waar hy tuisgaan, en hul-
le het daardie dag by hom ge-
bly; dit was omtrent die tiende
uur. **40** Andre′as,[d] die broer
van Simon Petrus, was een van
die twee wat gehoor het wat
Johannes gesê het en Jesus ge-
volg het. **41** Eers het hy sy
eie broer, Simon, gevind en vir
hom gesê: “Ons het die Messi′as
gevind”[e] (wat, wanneer dit ver-
taal word, Christus beteken).[f]
**42** Hy het hom na Jesus toe ge-
lei. Toe Jesus hom aankyk,[g] het
hy gesê: “Jy is Simon,[h] die seun
van Johannes;[i] jy sal Sefas ge-
noem word” (wat as Petrus ver-
taal word).[j]
**43** Die volgende dag wou hy
na Galile′a vertrek. En Jesus
het Filippus[k] gevind en vir hom
gesê: “Word my volgeling.”[l]
**44** En Filippus was van Betsai′-
da,[m] van die stad van Andre′-
as en Petrus. **45** Filippus het
Nata′nael[n] gevind en vir hom
gesê: “Ons het die een gevind
van wie Moses, in die Wet,[o] en
die Profete[p] geskryf het, Jesus,
die seun van Josef,[q] van Na′-
saret.” **46** Maar Nata′nael het
vir hom gesê: “Kan enigiets
goeds uit Na′saret kom?”[a] Fi-
lippus het vir hom gesê: “Kom
kyk.” **47** Jesus het Nata′nael
na hom toe sien kom en van
hom gesê: “Kyk, gewis ’n Is-
raeliet in wie daar geen bedrog
is nie.”[b] **48** Nata′nael het vir
hom gesê: “Hoe kom dit dat u
my ken?” Jesus het geantwoord
en vir hom gesê: “Voordat Fi-
lippus jou geroep het, terwyl jy
onder die vyeboom was, het ek
jou gesien.” **49** Nata′nael het
hom geantwoord: “Rabbi, u is
die Seun van God,[c] u is Koning[d]
van Israel.” **50** Jesus het ge-
antwoord en vir hom gesê: “Glo
jy omdat ek vir jou gesê het
dat ek jou onder die vyeboom
gesien het? Jy sal groter dinge
as dit sien.” **51** Hy het verder
vir hom gesê: “Voorwaar, voor-
waar, ek sê vir julle: Julle sal
die hemel geopend sien en die
engele[e] van God na die Seun
van die mens sien opgaan en
neerdaal.”[f]

**2** En op die derde dag het
’n huweliksfees in Kana[g]
in Galile′a plaasgevind, en die
moeder[h] van Jesus was daar.
**2** Jesus en sy dissipels is ook na
die huweliksfees genooi.
**3** Toe die wyn opraak, het
die moeder[i] van Jesus vir hom
gesê: “Hulle het geen wyn nie.”
**4** Maar Jesus het vir haar ge-
sê: “Wat het ek met u te doen,
vrou?[j] My uur het nog nie ge-
kom nie.”[k] **5** Sy moeder het
vir die dienaars gesê: “Doen
wat hy ook al vir julle
sê.”[l] **6** En daar het ses water-
kruike van klip daar gestaan,
soos vereis volgens die reini-
gingsvoorskrifte[m] van die Jode,
wat elk twee of drie vloeistof-
mate kon hou. **7** Jesus het
vir hulle gesê: “Maak die wa-
terkruike vol water.” En hul-
le het hulle tot aan die rand

HFST. 1
a Mt 3:17; Joh 5:33
b Han 8:32; Op 5:12
c Mt 8:20; 2Ko 8:9
d Mt 4:18
e Da 9:25; Joh 11:27
f Joh 4:25
g Joh 2:25
h Mt 10:2; Han 15:14
i Mt 16:17; Joh 21:15
j Mt 16:18; Mr 3:16; Lu 6:14
k Mt 10:3
l Mt 9:9; Op 14:4
m Mr 8:22; Joh 12:21
n Mt 10:3; Lu 6:14
o Ge 3:15; Ge 22:18; Ge 49:10; De 18:18; Joh 5:46
p Jes 9:6; Jer 33:15; Ese 34:23; Mi 5:2; Sag 6:12; Mal 3:1
q Mt 1:16; Mt 13:55; Lu 2:4

Tweede kol.
a Joh 7:41
b Joh 2:25
c Lu 1:32
d Sag 9:9; Mt 27:11; Joh 12:13
e Ps 104:4; Mt 4:11; Lu 22:43
f Ge 28:12; Da 7:13

HFST. 2
g Joh 4:46; Joh 21:2
h Lu 2:51
i Han 1:14
j Joh 19:26
k Mt 26:2; Joh 7:6; Joh 12:23
l Ge 41:55
m Mr 7:3; Joh 3:25

vol gemaak. **8** En hy het vir
hulle gesê: “Skep nou daarvan
uit en neem dit na die feesleier
toe.” Toe het hulle dit geneem.
**9** En toe die feesleier die water
proe wat in wyn verander is,[a]
maar nie geweet het uit watter bron dit was nie, hoewel
die dienaars wat die water uitgeskep het, geweet het, het die
feesleier die bruidegom geroep
**10** en vir hom gesê: “Elke ander mens sit eers die goeie wyn
voor,[b] en wanneer mense dronk
is, die minderwaardige. Jy het
die goeie wyn tot nou toe teruggehou.” **11** Jesus het dit in
Kana in Galile′a gedoen as die
begin van sy tekens, en hy het
sy heerlikheid[c] openbaar gemaak; en sy dissipels het geloof
in hom gestel.

**12** Hierna het hy en sy moeder en broers[d] en sy dissipels na
Kaper′naum[e] afgegaan, maar
hulle het nie baie dae daar gebly
nie.

**13** En die pasga[f] van die Jode
was naby, en Jesus het na Jerusalem opgegaan.[g] **14** En hy
het in die tempel dié gevind wat
beeste en skape en duiwe[h] verkoop, en die geldmakelaars in
hulle sitplekke. **15** En nadat
hy ’n sweep van toue gemaak
het, het hy almal, saam met die
skape en beeste, uit die tempel
uitgedryf, en hy het die muntstukke van die geldwisselaars
uitgegooi en hulle tafels omgekeer.[i] **16** En hy het vir die
duiweverkopers gesê: “Neem
hierdie goed hier weg! Hou op
om die huis[j] van my Vader ’n
handelshuis te maak!”[k] **17** Sy
dissipels het onthou dat daar
geskrywe staan: “Die ywer vir
u huis sal my verteer.”[l]

**18** Daarom het die Jode geantwoord en vir hom gesê:
“Watter teken[m] het jy om vir
ons te wys, aangesien jy hierdie
dinge doen?” **19** Jesus het geantwoord en vir hulle gesê:
“Breek hierdie tempel af,[a] en
in drie dae sal ek dit oprig.”
**20** Daarom het die Jode gesê: “Hierdie tempel is in ses-enveertig jaar gebou, en sal jy dit
in drie dae oprig?” **21** Maar
hy het van die tempel[b] van sy
liggaam gepraat. **22** Toe hy
egter uit die dode opgewek is,
het sy dissipels onthou[c] dat hy
dit dikwels gesê het; en hulle
het die Skrif en die woord wat
Jesus gespreek het, geglo.

**23** Maar toe hy in Jerusalem
by die pasga was, by die fees,[d]
het baie mense geloof in sy
naam gestel,[e] aangesien hulle
die tekens gesien het wat hy gedoen het.[f] **24** Maar Jesus self
het hom nie aan hulle toevertrou nie,[g] omdat hy hulle almal
geken het **25** en omdat hy nie
nodig gehad het dat enigeen
aangaande die mens getuig nie,
want hy het self geweet wat in
die mens is.[h]

**3** En daar was ’n man van die
Fariseërs, Nikode′mus[i] was
sy naam, ’n heerser van die
Jode. **2** Dié het in die nag[j] na
hom toe gekom en vir hom gesê: “Rabbi,[k] ons weet dat u as ’n
leermeester[l] van God af gekom
het,[m] want niemand kan hierdie tekens[n] doen wat u doen nie
tensy God met hom is.”[o] **3** Jesus het geantwoord en vir hom
gesê:[p] “Voorwaar, voorwaar, ek
sê vir jou: Tensy iemand weer
gebore word,[q] kan hy die koninkryk van God nie sien nie.”[r]
**4** Nikode′mus het vir hom gesê:
“Hoe kan ’n mens gebore word
wanneer hy oud is? Hy kan tog
nie ’n tweede keer in die skoot
van sy moeder ingaan en gebore word nie, of hoe?” **5** Jesus
het geantwoord: “Voorwaar,

**HFST. 2**

a Joh 4:46
b Lu 5:39
c Jes 9:1; Joh 1:14
d Mt 12:46; Mt 13:55; Mr 3:31; Lu 8:19; Han 1:14; 1Ko 9:5; Ga 1:19
e Mt 4:13
f Eks 12:14; Nu 28:16; De 16:1; Joh 11:55; Joh 12:1
g Joh 5:1
h Le 1:14
i Mt 21:12; Mr 11:15; Lu 19:45
j Ps 93:5; Lu 2:49
k Jer 7:11; Mt 21:13; Mr 11:17; Lu 19:46
l Ps 69:9
m Mt 12:38; Mt 16:1; Joh 4:48; Joh 6:30

**Tweede kol.**

a Mt 26:61; Mt 27:40; Mr 14:58
b Mt 12:6; Mt 16:21; Lu 24:7; 1Ko 6:19
c Lu 24:8; Joh 12:16; Joh 14:26; Joh 20:9
d Joh 4:45
e Joh 11:48
f Joh 7:31
g Joh 6:15
h Mt 9:4; Mr 2:8; Joh 1:48; Joh 6:64; Op 2:23

**HFST. 3**

i Joh 7:50; Joh 19:39
j Joh 12:42
k Joh 1:38
l Mt 7:29; Joh 7:46
m Joh 7:16; Joh 8:28
n Joh 2:11
o Joh 14:11; Han 2:22; Han 10:38
p Han 2:28
q Joh 1:13; 2Ko 5:17; Ga 6:15; 1Pe 1:3; 1Pe 1:23; 1Jo 3:9
r 1Ko 15:50

voorwaar, ek sê vir jou: Tensy
iemand uit water[a] en gees[b] ge-
bore word, kan hy nie in die
koninkryk van God ingaan nie.
**6** Wat uit die vlees gebore is,
is vlees, en wat uit die gees ge-
bore is, is gees.[c] **7** Moenie jou
verwonder omdat ek vir jou ge-
sê het: Julle moet weer gebore
word nie.[d] **8** Die wind[e] waai
waar dit wil, en jy hoor die ge-
luid daarvan, maar jy weet nie
waar dit vandaan kom en waar-
heen dit gaan nie. So is elkeen
wat uit die gees gebore is."[f]

**9** Nikode′mus het geant-
woord en vir hom gesê: "Hoe
kan hierdie dinge gebeur?"
**10** Jesus het geantwoord en vir
hom gesê: "Is jy 'n leermeester
van Israel en tog weet jy hier-
die dinge nie?[g] **11** Voorwaar,
voorwaar, ek sê vir jou: Ons
praat oor wat ons weet en ons
getuig[h] van wat ons gesien het,
maar julle neem die getuie-
nis wat ons gee, nie aan nie.[i]
**12** As ek julle aardse dinge
vertel het en julle nogtans nie
glo nie, hoe sal julle glo as
ek julle hemelse dinge vertel?[j]
**13** Wat meer is, geen mens het
in die hemel opgevaar nie,[k] be-
halwe hy wat uit die hemel
neergedaal het,[l] die Seun van
die mens.[m] **14** En net soos
Moses die slang in die wildernis
opgehef het,[n] so moet die Seun
van die mens opgehef word,[o]
**15** sodat elkeen wat in hom glo,
die ewige lewe kan hê.[p]

**16** "Want God het die wêreld
so liefgehad[q] dat hy sy enigver-
wekte Seun gegee het,[r] sodat
elkeen wat geloof in hom be-
oefen,[s] nie vernietig sal word
nie[t] maar die ewige lewe kan
hê.[u] **17** Want God het sy Seun
in die wêreld uitgestuur, nie so-
dat hy die wêreld moet oor-
deel nie,[v] maar sodat die wê-
reld deur middel van hom gered
kan word.[a] **18** Hy wat geloof
in hom beoefen, gaan nie ge-
oordeel word nie.[b] Hy wat nie
geloof beoefen nie, is reeds ge-
oordeel, omdat hy nie geloof in
die naam van die enigverwek-
te Seun van God beoefen het
nie.[c] **19** En dít is die grond-
slag vir die oordeel, dat die
lig[d] in die wêreld ingekom het[e]
maar die mense eerder die duis-
ternis as die lig liefgehad het,[f]
want hulle werke was godde-
loos. **20** Want hy wat verag-
telike dinge beoefen,[g] haat die
lig en kom nie na die lig nie,
sodat sy werke nie tereggewys
sal word nie.[h] **21** Maar hy wat
doen wat waar is, kom na die
lig,[i] sodat sy werke openbaar
gemaak kan word as werke wat
in ooreenstemming met God
verrig is."

**22** Ná hierdie dinge het Je-
sus en sy dissipels in Judese ge-
bied ingegaan, en daar het hy
tyd saam met hulle deurgebring
en gedoop.[j] **23** Maar Johan-
nes[k] het ook gedoop, in Enon
naby Salim, want daar was baie
water,[l] en mense het gekom en
is gedoop;[m] **24** want Johan-
nes was nog nie in die gevange-
nis gegooi nie.[n]

**25** Daarom het die dissipels
van Johannes met 'n Jood begin
stry oor die reiniging.[o] **26** Toe
het hulle na Johannes toe ge-
kom en vir hom gesê: "Rabbi,
die man wat oorkant die Jor-
daan saam met u was, van wie
u getuig het,[p] kyk, hy doop,
en almal gaan na hom toe."[q]
**27** Johannes het geantwoord
en gesê: "'n Mens kan hoe-
genaamd niks ontvang tensy
hy dit uit die hemel gegee is

**HFST. 3**
a Mt 28:19; Han 8:36; Han 10:47; Han 19:5
b Mt 3:11; Joh 1:33; Han 1:5; Han 10:45; Han 11:16; Han 19:6; 1Ko 12:13
c 1Ko 15:44
d 1Pe 1:3; 1Pe 1:23
e Pr 11:5
f Joh 14:17; Han 2:2; Ro 8:16; 1Ko 2:11
g Joh 9:30
h Joh 8:26
i Joh 3:32; 1Ko 2:14
j Lu 22:67
k Han 2:34; Heb 9:8
l Joh 6:38; Joh 8:23; Joh 8:42; 1Ko 15:47; Ef 4:9
m Joh 1:51
n Nu 21:9
o Joh 8:28; Ga 3:13
p Joh 3:36; Joh 20:31
q 1Jo 4:10; 1Jo 4:19
r Ge 22:2; Ge 22:16; Ro 5:8; Ro 8:32; 1Jo 4:9
s Joh 1:12; Joh 12:44; Ef 4:5; Flp 1:29; 2Ti 3:15
t Mt 25:46
u Joh 6:40; Joh 20:31; Ro 6:23; 1Jo 5:13
v Joh 12:47; 2Ko 5:19

**Tweede kol.**
a Lu 19:10; 1Ko 15:22; 1Ti 1:15; 1Jo 2:2; 1Jo 4:14
b Joh 5:24; Ro 8:1
c Mt 10:33; Heb 10:29
d Joh 1:9; Joh 8:12; Joh 9:5; Joh 12:46
e Joh 1:5
f Job 24:13; Jes 5:20; Joh 12:48
g 1Ko 6:9; Ga 5:19; 1Pe 4:3
h Ef 5:13
i Joh 12:36; Joh 12:46; 1Jo 1:7

j Joh 3:26; Joh 4:2; k Mt 3:1; l Mr 1:10; Han 8:36; m Mt 3:6; n Mt 14:3; Lu 3:20; o Mr 7:3; p Joh 1:7; Joh 1:34; q Joh 6:65.

nie.[a] **28** Julle getuig self van
my dat ek gesê het: Ek is nie die
Christus nie,[b] maar: Ek is voor
hom uit gestuur.[c] **29** Hy wat
die bruid het, is die bruidegom.[d]
Die vriend van die bruidegom
ervaar egter groot vreugde
weens die stem van die bruide-
gom wanneer hy staan en hom
hoor. Daarom is hierdie vreug-
de van my volkome gemaak.[e]
**30** Hy moet bly toeneem, maar
ek moet bly afneem.”

**31** Hy wat van bo kom, is oor
alle ander.[f] Hy wat uit die aarde
is, is uit die aarde en praat oor
dinge van die aarde.[g] Hy wat
uit die hemel kom, is oor alle
ander.[h] **32** Wat hy gesien en
gehoor het, hiervan getuig hy,[i]
maar geen mens aanvaar sy ge-
tuienis nie.[j] **33** Hy wat sy ge-
tuienis aanvaar het, het sy seël
daarop gedruk dat God waarag-
tig is.[k] **34** Want die een wat
deur God uitgestuur is, spreek
die woorde van God,[l] want hy
gee die gees nie volgens maat
nie.[m] **35** Die Vader het die
Seun lief[n] en het alles in sy
hand gegee.[o] **36** Hy wat ge-
loof in die Seun beoefen,[p] het
die ewige lewe;[q] hy wat aan
die Seun ongehoorsaam is, sal
die lewe nie sien nie,[r] maar die
gramskap van God bly op hom.[s]

**4** En toe die Here bewus word
dat die Fariseërs gehoor
het dat Jesus meer dissipels
maak en doop[t] as Johannes—
**2** hoewel Jesus self in werklik-
heid nie gedoop het nie, maar
sy dissipels— **3** het hy Jude′a
verlaat en weer na Galile′a ver-
trek. **4** Maar hy moes deur
Samari′a gaan.[u] **5** Toe het hy
by ’n stad van Samari′a ge-
kom wat Sigar genoem word,
naby die stuk grond wat Jakob
vir sy seun Josef gegee het.[v]
**6** Trouens, Jakob se fontein[w]
was daar. En Jesus, wat moeg
was van die reis, het net soos
hy was, by die fontein gesit. Dit
was omtrent die sesde uur.

**7** ’n Vrou van Samari′a het
gekom om water te skep. Je-
sus het vir haar gesê: “Gee my
’n bietjie water om te drink.”
**8** (Want sy dissipels het in die
stad ingegaan om voedsel te
koop.) **9** Toe het die Samari-
taanse vrou vir hom gesê: “Hoe
is dit dat u, hoewel u ’n Jood is,
vir my ’n bietjie water vra om
te drink, terwyl ek ’n Samari-
taanse vrou is?” (Want Jode
het niks met Samaritane te
doen nie.)[a] **10** Jesus het ge-
antwoord en vir haar gesê: “As
jy die vrye gawe[b] van God ge-
ken het en geweet het wie[c] dit
is wat vir jou sê: ‘Gee my ’n bie-
tjie water om te drink’, sou jy
hom gevra het, en hy sou vir
jou lewende water gegee het.”[d]
**11** Sy het vir hom gesê: “Me-
neer, u het nie eens ’n em-
mer om water te skep nie, en
die put is diep. Waar kry u
dan hierdie lewende water van-
daan? **12** U is tog nie gro-
ter[e] as ons voorvader Jakob,
wat vir ons die put gegee het
en wat self saam met sy seuns
en sy vee daaruit gedrink het
nie, of hoe?” **13** Jesus het ge-
antwoord en vir haar gesê:
“Elkeen wat van hierdie wa-
ter drink, sal weer dors word.
**14** Wie ook al van die water
drink wat ek hom sal gee, sal
nóóit dors word nie,[f] maar die
water wat ek hom sal gee, sal
in hom ’n fontein van water[g]
word wat opborrel om die ewi-
ge lewe te gee.”[h] **15** Die vrou
het vir hom gesê: “Meneer, gee
my hierdie water, sodat ek nie
dors sal wees of gedurig hier-
heen moet kom om water te
skep nie.”

**HFST. 3**
a Joh 19:11 Heb 5:4 Jak 1:17
b Joh 1:20 Han 13:25
c Jes 40:3 Mal 3:1 Mt 11:10 Lu 1:17
d Mt 22:2 2Ko 11:2 Ef 5:25 Op 21:9
e Lu 1:44
f Joh 8:23
g 1Jo 4:5
h Mt 3:11
i Joh 8:26 Joh 15:15
j Jes 53:2 Joh 1:11 Joh 3:11
k Ro 3:4 1Jo 5:10
l Joh 7:16
m Joh 1:16
n Joh 5:20 Joh 15:9
o Mt 11:27 Mt 28:18 Lu 10:22 Joh 17:2
p Hab 2:4 Ro 1:17
q Joh 3:16 Joh 6:47 Heb 5:9
r 2Te 1:8 1Jo 5:12
s Ro 2:8 Ef 5:6 Heb 10:27

**HFST. 4**
t Joh 3:22
u Lu 9:52
v Ge 33:19 Ge 48:22 Jos 24:32
w Joh 4:12

**Tweede kol.**
a 2Kn 17:24 Esr 4:3 Lu 9:52 Han 10:28
b Ef 2:8
c Jes 9:6 Joh 4:26
d Jes 12:3 Jer 2:13 Sag 13:1 Sag 14:8 Joh 7:37
e Mt 12:41 Lu 11:31 Joh 8:53
f Joh 6:35 Joh 7:38
g Jes 58:11
h Ro 6:23 1Jo 5:20

**16** Hy het vir haar gesê:
“Gaan, roep jou man en kom
hierheen.” **17** Die vrou het
geantwoord en gesê: “Ek het
nie ’n man nie.” Jesus het vir
haar gesê: “Jy het tereg gesê:
‘’n Man het ek nie.’ **18** Want
jy het vyf mans gehad, en die
een wat jy nou het, is nie jou
man nie. Dit het jy in waar-
heid gesê.” **19** Die vrou het
vir hom gesê: “Meneer, ek sien
dat u ’n profeet is.[a] **20** Ons
voorvaders het op hierdie berg
aanbid;[b] maar julle sê die plek
waar mense behoort te aan-
bid, is in Jerusalem.”[c] **21** Je-
sus het vir haar gesê: “Vrou, glo
my: Die uur kom wanneer jul-
le die Vader nie op hierdie berg
of in Jerusalem[d] sal aanbid nie.[e]
**22** Julle aanbid wat julle nie
ken nie;[f] ons aanbid wat ons
ken, want redding het sy oor-
sprong by die Jode.[g] **23** Maar
die uur kom, en dit is nou, wan-
neer die ware aanbidders die
Vader met gees[h] en waarheid[i]
sal aanbid, want die Vader soek
inderdaad sulke mense om hom
te aanbid.[j] **24** God is ’n Gees,[k]
en dié wat hom aanbid, moet
met gees en waarheid aanbid.”[l]
**25** Die vrou het vir hom ge-
sê: “Ek weet dat die Messi′as[m]
kom, wat Christus[n] genoem
word. Wanneer hy kom, sal hy
alles openlik aan ons bekend
maak.” **26** Jesus het vir haar
gesê: “Dit is ek, ek wat met jou
praat.”[o]

**27** En op dié oomblik het
sy dissipels daar aangekom, en
hulle het hulle begin verwonder
omdat hy met ’n vrou praat. Na-
tuurlik het niemand gesê: “Wat
soek jy?” of: “Waarom praat
u met haar?” nie. **28** Toe het
die vrou haar waterkruik laat
staan en in die stad ingegaan en
vir die mense gesê: **29** “Kom
saam en sien ’n man wat my
alles vertel het wat ek gedoen
het. Is hy nie miskien die Chris-
tus nie?”[a] **30** Hulle het uit die
stad uitgegaan en na hom toe
begin kom.

**31** Intussen het die dissipels
by hom aangedring en gesê:
“Rabbi,[b] eet.” **32** Maar hy het
vir hulle gesê: “Ek het voed-
sel om te eet waarvan julle
nie weet nie.” **33** Toe het die
dissipels vir mekaar begin sê:
“Niemand het tog vir hom iets
gebring om te eet nie, of hoe?”
**34** Jesus het vir hulle gesê:
“My voedsel[c] is om die wil[d]
te doen van hom wat my ge-
stuur het en om sy werk te vol-
bring.[e] **35** Sê julle nie dat dit
nog vier maande is voor die oes
kom nie? Kyk! Ek sê vir jul-
le: Slaan julle oë op en aan-
skou die lande, dat hulle wit
is vir die oes.[f] Reeds **36** ont-
vang die een wat oes, sy loon en
versamel hy vrug vir die ewige
lewe,[g] sodat die een wat saai[h] en
die een wat oes, saam bly kan
wees.[i] **37** Ja, in hierdie opsig
is die gesegde waar: Een saai en
’n ander oes. **38** Ek het julle
gestuur om te oes waaraan julle
geen arbeid bestee het nie. An-
der het gearbei,[j] en julle het in
die voordeel van hulle arbeid in-
gegaan.”

**39** En baie van die Samarita-
ne uit daardie stad het geloof[k]
in hom gestel weens die woord
van die vrou wat getuig het:
“Hy het my alles vertel wat ek
gedoen het.”[l] **40** Toe die Sa-
maritane by hom kom, het hulle
hom dus begin vra om by hulle
te bly; en hy het twee dae daar
gebly.[m] **41** Gevolglik het baie
meer geglo op grond van wat
hy gesê het,[n] **42** en hulle het
vir die vrou begin sê: “Ons glo
nie meer op grond van wat jy

**HFST. 4**
a Lu 7:16; Lu 7:39; Joh 9:17
b De 11:29
c De 12:5; 1Kn 9:3; 2Kr 7:12; Ps 122
d Mr 14:58; Heb 9:11
e Mal 1:11
f 2Kn 17:29; 2Kn 17:33
g Jes 2:3; Ro 9:4
h Joh 14:17; Ro 8:4; 2Ko 4:18; 2Ko 5:7; Flp 3:3
i Jos 24:14; 1Sa 12:24; Ps 25:5; Ps 86:11; Mr 7:7
j 2Kr 16:9
k 2Ko 3:17; 1Ti 1:17; Heb 11:27
l Ro 12:1
m De 18:18; Da 9:25; Joh 1:41
n Joh 11:27
o Joh 9:37

**Tweede kol.**
a De 18:15; Joh 7:26
b Joh 1:38
c Mt 4:4
d Joh 5:30; Joh 6:38
e Joh 5:36; Joh 17:4; Joh 19:30
f Mt 9:37
g Ro 6:22
h Spr 11:18
i Da 12:3; 1Ko 3:8; 2Jo 8
j Han 10:43; 1Pe 1:12
k Ese 16:53; Ro 10:17
l Joh 4:29
m Mt 10:11; Han 10:48
n Joh 10:27

gesê het nie; want ons het self gehoor[a] en ons weet dat hierdie man vir seker die redder[b] van die wêreld is.”

**43** Ná die twee dae het hy daarvandaan weggegaan na Galile′a.[c] **44** Jesus self het egter getuig dat ’n profeet in sy eie vaderland geen eer geniet nie.[d] **45** Toe hy dan in Galile′a aankom, het die Galileërs hom ontvang, omdat hulle alles gesien het wat hy in Jerusalem by die fees gedoen het,[e] want hulle het ook na die fees gegaan.[f]

**46** En hy het weer na Kana[g] in Galile′a gekom, waar hy die water in wyn verander het.[h] En daar was ’n sekere dienaar van die koning wie se seun in Kaper′naum siek was.[i] **47** Toe hierdie man hoor dat Jesus uit Jude′a na Galile′a gekom het, het hy na hom toe gegaan en hom begin vra om af te kom en sy seun gesond te maak, want hy het op sterwe gelê. **48** Jesus het egter vir hom gesê: “Tensy julle tekens[j] en wonders[k] sien, sal julle hoegenaamd nie glo nie.” **49** Die dienaar van die koning het vir hom gesê: “Here, kom af voordat my jong kind sterf.” **50** Jesus het vir hom gesê: “Gaan;[l] jou seun lewe.”[m] Die man het die woord geglo wat Jesus vir hom gesê het en het gegaan. **51** Maar reeds terwyl hy afgegaan het, het sy slawe hom tegemoetgekom om te sê dat sy seun lewe.[n] **52** Daarom het hy hulle begin vra in watter uur hy beter geword het. Daarop het hulle vir hom gesê: “Gister teen die sewende uur het die koors[o] hom verlaat.” **53** Toe het die vader geweet dat dit in dieselfde uur[p] was wat Jesus vir hom gesê het: “Jou seun lewe.” En hy en sy hele huis het geglo.[q] **54** Dit was dan die tweede teken[a] wat Jesus gedoen het toe hy uit Jude′a na Galile′a gekom het.

**5** Ná hierdie dinge was daar ’n fees[b] van die Jode, en Jesus het na Jerusalem opgegaan. **2** En in Jerusalem is daar by die skaappoort[c] ’n bad wat in Hebreeus Betsa′ta genoem word, met vyf pilaargange. **3** In hierdie gange het ’n menigte siekes, blindes, kreupeles en dié met verdorde ledemate gelê. **4** —— **5** Maar ’n sekere man was daar wat agt-en-dertig jaar lank aan sy siekte gely het. **6** Toe Jesus hierdie man sien lê, en aangesien hy geweet het dat hy reeds ’n lang tyd siek was,[d] het hy vir hom gesê: “Wil jy gesond word?”[e] **7** Die siek man het hom geantwoord: “Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit wanneer die water in beweging kom nie; maar terwyl ek kom, klim ’n ander een voor my af.” **8** Jesus het vir hom gesê: “Staan op, tel jou draagbed op en loop.”[f] **9** Daarop het die man onmiddellik gesond geword, en hy het sy draagbed opgetel en begin loop.

En op daardie dag was dit ’n sabbat.[g] **10** Daarom het die Jode vir die man wat genees is, begin sê: “Dit is Sabbat, en dit is jou nie geoorloof[h] om die draagbed te dra nie.” **11** Maar hy het hulle geantwoord: “Die een wat my gesond gemaak het, hy het vir my gesê: ‘Tel jou draagbed op en loop.’ ” **12** Hulle het hom gevra: “Wie is die man wat vir jou gesê het: ‘Tel dit op en loop’?” **13** Maar die man wat gesond gemaak is, het nie geweet wie hy was nie, want Jesus het weggedraai, omdat daar ’n skare op die plek was.

**HFST. 4**
a Joh 17:8
b Jes 49:6; Mt 1:21; Joh 1:29; Han 13:23; 1Ti 1:15; 1Jo 4:14
c Joh 4:40
d Mt 13:57; Mr 6:4; Lu 4:24
e Joh 2:23
f De 16:16
g Joh 21:2
h Joh 2:1; Joh 2:11
i Mt 8:5
j Mt 16:1; Joh 2:18; 1Ko 1:22
k Han 4:30
l Mt 8:13; Mr 7:29
m 1Kn 17:23
n Mr 7:30
o Mt 8:15; Han 28:8
p Mt 8:13
q Han 11:14; Han 18:8

**Tweede kol.**
a Joh 2:11

**HFST. 5**
b Eks 12:14; De 16:1; De 16:16; Joh 2:13; Joh 6:4
c Ne 3:1; Ne 12:39
d Lu 13:11
e Ps 72:13; Jes 53:3
f Mt 9:6; Mr 2:11; Lu 5:24; Han 3:7
g Joh 9:14
h Eks 20:10; Ne 13:19; Jer 17:21; Mt 12:2; Lu 6:2

**14** Ná hierdie dinge het Je-
sus hom in die tempel gevind en
vir hom gesê: “Kyk, jy het ge-
sond geword. Moenie meer son-
dig nie, sodat iets ergers nie
met jou gebeur nie.” **15** Die
man het weggegaan en vir die
Jode vertel dat dit Jesus was
wat hom gesond gemaak het.
**16** En hieroor het die Jode Je-
sus begin vervolg,[a] omdat hy
hierdie dinge gedurende die
Sabbat gedoen het. **17** Maar
hy het hulle geantwoord: “My
Vader het tot nou toe aangehou
werk, en ek hou aan werk.”[b]
**18** Hieroor het die Jode inder-
daad nog meer probeer om hom
dood te maak,[c] want nie alleen
het hy die Sabbat gebreek nie,
maar hy het God ook sy eie Va-
der genoem,[d] waardeur hy hom
aan God gelykgemaak het.[e]

**19** Daarom het Jesus geant-
woord en vir hulle gesê: “Voor-
waar, voorwaar, ek sê vir jul-
le: Die Seun kan hoegenaamd
niks op eie inisiatief doen nie,
maar net wat hy die Vader sien
doen.[f] Want alles wat daardie
Een doen, dít doen die Seun
ook net so. **20** Want die Vader
het geneentheid vir die Seun[g]
en wys hom alles wat hy self
doen, en hy sal hom groter wer-
ke as dié wys, sodat julle ver-
wonderd kan wees.[h] **21** Want
net soos die Vader die dooies
opwek en hulle lewend maak,[i]
so maak ook die Seun lewend
wie hy wil.[j] **22** Want die Va-
der oordeel hoegenaamd nie-
mand nie, maar hy het die oor-
deel geheel en al aan die Seun
toevertrou,[k] **23** sodat almal
die Seun kan eer[l] net soos hul-
le die Vader eer. Hy wat die
Seun nie eer nie, eer nie die Va-
der wat hom gestuur het nie.[m]
**24** Voorwaar, voorwaar, ek sê
vir julle: Hy wat my woord hoor
en hom glo wat my gestuur het,
het die ewige lewe,[a] en hy kom
nie in die oordeel nie, maar het
uit die dood tot die lewe oorge-
gaan.[b]

**25** “Voorwaar, voorwaar, ek
sê vir julle: Die uur kom, en
dit is nou, wanneer die dooi-
es[c] die stem[d] van die Seun van
God sal hoor, en dié wat gehoor
gegee het, sal lewe.[e] **26** Want
net soos die Vader lewe in hom-
self het,[f] so het hy ook aan die
Seun gegee om lewe in homself
te hê.[g] **27** En hy het hom ge-
sag gegee om te oordeel,[h] om-
dat hy die Seun van die mens[i]
is. **28** Moet julle nie hieroor
verwonder nie, want die uur
kom waarin almal wat in die ge-
denkgrafte[j] is, sy stem sal hoor
**29** en sal uitkom, dié wat goeie
dinge gedoen het, tot ’n op-
standing van die lewe,[k] dié wat
veragtelike dinge beoefen het,
tot ’n opstanding van oordeel.[l]
**30** Ek kan hoegenaamd niks op
eie inisiatief doen nie; net soos
ek hoor, oordeel ek; en die oor-
deel wat ek vel, is regverdig,[m]
omdat ek nie my eie wil soek
nie, maar die wil[n] van hom wat
my gestuur het.

**31** “As net ek aangaande my-
self getuig,[o] is my getuienis nie
waar nie.[p] **32** Daar is iemand
anders wat aangaande my ge-
tuig, en ek weet dat die getuie-
nis wat hy aangaande my aflê,[q]
waar is. **33** Julle het manne
na Johannes toe gestuur, en hy
het van die waarheid getuig.[r]
**34** Ek aanvaar egter nie die ge-
tuienis van ’n mens nie, maar
ek sê hierdie dinge sodat julle
gered kan word.[s] **35** Dié man
was ’n lamp wat gebrand en ge-
skyn het, en julle was ’n kort
tydjie bereid om julle grootliks
in sy lig te verbly.[t] **36** Maar
ek het die getuienis wat groter

**HFST. 5**

a Mt 12:14; Joh 15:20
b Ge 2:3; Joh 9:4; Joh 14:10
c Joh 7:1; Joh 7:19
d Joh 10:38; Joh 14:28
e Flp 2:6
f Joh 5:30; Joh 8:28; Joh 12:49
g Mt 3:17; Joh 3:35; Joh 10:17; 2Pe 1:17
h Lu 8:25; Joh 6:11; Joh 6:19
i 2Kn 4:34; Heb 11:35
j Lu 7:14; Lu 8:54; Joh 11:25; Op 1:18
k Eks 18:13; Mt 11:27; Han 10:42; Han 17:31; 2Ko 5:10; 2Ti 4:1
l Joh 3:35; Flp 2:10
m Lu 10:16

**Tweede kol.**

a Joh 3:16; Joh 6:40; Joh 8:51
b 1Jo 3:14
c Mt 8:22
d Joh 10:27
e Ro 6:13; Ef 2:5
f Ps 36:9; Han 17:28
g Joh 11:25; Op 1:18
h Joh 5:22; 2Ti 4:1
i Da 7:13
j Job 14:13; Jes 25:8; Jes 26:19; Op 20:12
k Da 12:2; Op 20:12
l 2Pe 2:9; Op 20:15
m Jes 11:4
n Mt 26:39; Joh 4:34; Joh 6:38
o De 19:15
p Joh 8:14
q Mt 3:17; Mr 9:7; Joh 12:30; 1Jo 5:9
r Joh 1:15; Joh 1:32
s Joh 11:42
t Mt 3:5; Mt 13:20; Mr 6:20; 2Pe 1:19

is as dié van Johannes, want
juis die werke wat my Vader
my opgedra het om te volbring,
die werke wat ek doen,[a] ge-
tuig aangaande my dat die Va-
der my gestuur het. **37** Ook
het die Vader wat my gestuur
het, self aangaande my getuig.[b]
Julle het nog nooit sy stem ge-
hoor of sy gedaante gesien nie;[c]
**38** en sy woord bly nie in jul-
le nie, want die een wat hy ge-
stuur het, dié glo julle nie.

**39** “Julle ondersoek die
Skrif,[d] want julle dink dat jul-
le die ewige lewe deur mid-
del daarvan sal hê; en juis dié
getuig aangaande my.[e] **40** En
tog wil julle nie na my toe kom
sodat julle die lewe kan hê nie.[f]
**41** Ek neem geen heerlikheid
van mense aan nie,[g] **42** maar
ek weet goed dat julle nie die
liefde vir God in julle het nie.[h]
**43** Ek het in die naam van my
Vader gekom,[i] maar julle neem
my nie aan nie; as iemand an-
ders in sy eie naam gekom het,
sou julle hom aangeneem het.
**44** Hoe kan julle glo, wanneer
julle heerlikheid[j] van mekaar
aanneem en julle nie die heer-
likheid soek wat van die enig-
ste God kom nie?[k] **45** Moe-
nie dink dat ek julle by die
Vader sal beskuldig nie; daar is
een wat julle beskuldig, Moses,[l]
op wie julle julle hoop gestel
het. **46** Trouens, as julle Mo-
ses geglo het, sou julle my glo,
want hy het van my geskryf.[m]
**47** Maar as julle nie sy geskrif-
te glo nie,[n] hoe sal julle my
woorde glo?”

**6** Ná hierdie dinge het Jesus
oor die see van Galile′a, of
Tibe′rias, vertrek.[o] **2** Maar ’n
groot menigte het hom bly volg,
omdat hulle die tekens gesien
het wat hy aan die siekes ge-
doen het.[p] **3** Daarom het Je-
sus teen ’n berg opgegaan,[a] en
daar het hy saam met sy dis-
sipels gesit. **4** En die pasga,[b]
die fees van die Jode, was naby.
**5** Toe Jesus dan sy oë opslaan
en sien dat ’n groot menigte na
hom toe kom, het hy vir Fi-
lippus gesê: “Waar sal ons bro-
de koop sodat hulle kan eet?”[c]
**6** Hy het dit egter gesê om hom
op die proef te stel, want hy het
self geweet wat hy weldra sou
doen. **7** Filippus het hom ge-
antwoord: “Brood vir tweehon-
derd dena′rii is nie genoeg vir
hulle, sodat elkeen ’n stukkie
kan kry nie.”[d] **8** Een van sy
dissipels, Andre′as, die broer
van Simon Petrus, het vir hom
gesê: **9** “Hier is ’n seuntjie
wat vyf garsbrode[e] en twee vis-
sies het. Maar wat is dit onder
so baie?”[f]

**10** Jesus het gesê: “LAAT die
mense gaan sit soos by ’n maal-
tyd.”[g] En daar was baie gras
op die plek. Die manne het
dus gaan sit, omtrent vyfdui-
send in getal.[h] **11** Toe het Je-
sus die brode geneem, en nadat
hy gedank het, het hy dit uitge-
deel aan dié wat daar gesit het,
so ook soveel van die vissies
as wat hulle wou hê.[i] **12** Maar
toe hulle versadig was,[j] het hy
vir sy dissipels gesê: “Maak die
oorblywende brokstukke byme-
kaar, sodat niks vermors word
nie.” **13** Daarom het hulle dit
bymekaargemaak, en hulle het
twaalf mandjies vol gemaak
met brokstukke van die vyf
garsbrode, wat dié wat geëet
het, laat oorbly het.[k]

**14** Toe die mense derhalwe
die tekens sien wat hy gedoen
het, het hulle begin sê: “Dit is
vir seker die profeet[l] wat in die
wêreld sou inkom.” **15** Omdat
Jesus geweet het dat hulle op
die punt staan om hom te kom

**HFST. 5**

a Mt 11:5; Joh 3:2; Joh 7:31; Joh 10:25
b Mt 17:5; Mr 1:11; Joh 8:18; Joh 12:30; 1Jo 5:9
c De 4:12; Joh 1:18; Joh 6:46; 1Ti 1:17; 1Jo 4:12
d Jes 8:20; Lu 11:52; Han 17:11; 2Ti 3:15; 1Pe 1:10
e De 18:15
f Jes 53:3; Joh 1:11
g 1Te 2:6
h 1Jo 4:20
i Eks 3:15
j Joh 12:43
k 1Ko 4:5
l De 31:26; Joh 7:19; Ro 2:12
m Ge 3:15; Ge 49:10; De 18:15; Lu 24:44; Joh 1:45; Han 26:22
n Lu 16:31

**HFST. 6**

o Mt 14:13; Lu 9:10
p Mr 6:33; Lu 9:11; Joh 2:23

**Tweede kol.**

a Mt 15:29
b Joh 2:13; Joh 5:1
c Mt 14:14; Mr 6:35; Lu 9:12
d Mr 6:37
e 2Kn 4:42
f Mt 14:17; Mr 6:38; Lu 9:13
g Ge 18:4
h 2Kn 4:43; Mt 14:19; Mt 14:21; Mr 6:39; Mr 6:44; Lu 9:14
i 2Kn 4:44; Mr 6:41; Lu 9:16
j Mr 6:42
k Mt 14:20; Mr 6:43; Lu 9:17
l De 18:15; De 18:18; Jes 9:6; Lu 24:19; Han 3:22

gryp om hom koning te maak,
het hy weer na die berg wegge-
gaan,[a] heeltemal alleen.

**16** Toe dit aand word, het sy
dissipels na die see afgegaan,[b]
**17** en hulle het in 'n boot ge-
klim en oor die see na Kaper'-
naum weggevaar. Wel, dit was
toe al donker en Jesus het nog
nie na hulle toe gekom nie.
**18** Ook het die see onstuimig
begin word omdat 'n sterk wind
gewaai het.[c] **19** Maar toe hul-
le ongeveer vyf of ses kilome-
ter geroei het, het hulle gesien
hoe Jesus op die see loop en
naby die boot kom; en hulle het
bevrees geword.[d] **20** Maar hy
het vir hulle gesê: "Dit is ek;
moenie vrees nie!"[e] **21** Daar-
om was hulle bereid om hom in
die boot te neem, en direk daar-
na was die boot by die land
waarheen hulle probeer gaan
het.[f]

**22** Die volgende dag het die
skare wat aan die oorkant van
die see gestaan het, gesien dat
daar geen boot was nie, behal-
we 'n kleintjie, en dat Jesus nie
saam met sy dissipels in die
boot geklim het nie, maar dat
net sy dissipels weggegaan het;
**23** maar bote uit Tibe'rias het
aangekom naby die plek waar
hulle die brood geëet het nadat
die Here gedank het. **24** Toe
die skare dan sien dat nie Jesus
of sy dissipels daar is nie, het
hulle in hulle bootjies geklim en
na Kaper'naum gekom om Je-
sus te soek.[g]

**25** En toe hulle hom aan die
oorkant van die see vind, het
hulle vir hom gesê: "Rabbi,[h]
wanneer het u hier aangekom?"
**26** Jesus het hulle geantwoord
en gesê: "Voorwaar, voorwaar,
ek sê vir julle: Julle soek my, nie
omdat julle tekens gesien het
nie, maar omdat julle van die
brode geëet en versadig geword
het.[a] **27** Moenie werk vir die
voedsel wat vergaan nie,[b] maar
vir die voedsel wat vir die ewi-
ge lewe bly,[c] wat die Seun van
die mens julle sal gee; want op
hom het die Vader, ja, God, sy
seël van goedkeuring gedruk."[d]

**28** Daarom het hulle vir hom
gesê: "Wat moet ons doen om
die werke van God te verrig?"
**29** Jesus het geantwoord en vir
hulle gesê: "Dít is die werk van
God, dat julle geloof beoefen[e] in
hom wat Hy uitgestuur het."[f]
**30** Daarom het hulle vir hom
gesê: "Wat doen u dan as 'n te-
ken,[g] sodat ons dit kan sien en
u kan glo? Watter werk doen
u? **31** Ons voorvaders het die
manna[h] in die wildernis geëet,
net soos daar geskrywe staan:
'Hy het hulle brood uit die he-
mel gegee om te eet.' "[i] **32** Je-
sus het derhalwe vir hulle ge-
sê: "Voorwaar, voorwaar, ek sê
vir julle: Moses het julle nie
die brood uit die hemel gegee
nie, maar my Vader gee julle
die ware brood uit die hemel.[j]
**33** Want die brood van God is
die een wat uit die hemel neer-
daal en aan die wêreld die lewe
gee." **34** Daarom het hulle vir
hom gesê: "Here, gee ons altyd
hierdie brood."[k]

**35** Jesus het vir hulle gesê:
"Ek is die brood van die lewe.
Wie na my toe kom, sal glad
nie honger word nie, en wie ge-
loof in my beoefen, sal nooit
dors word nie.[l] **36** Maar ek
het vir julle gesê: Julle het
my selfs gesien, en tog glo jul-
le nie.[m] **37** Alles wat die Va-
der my gee, sal na my toe kom,
en die een wat na my toe kom,
sal ek hoegenaamd nie verdryf
nie;[n] **38** want ek het uit die
hemel neergedaal,[o] nie om my
wil te doen nie, maar die wil

**HFST. 6**
a Mt 14:23; Mr 6:45; Joh 17:16; Joh 18:36; Jak 1:27; Jak 4:4
b Mt 14:22; Mr 6:47
c Mt 8:24; Mt 14:24; Mr 6:48
d Mt 14:26; Mr 6:49
e Mt 14:27; Mr 6:50
f Mt 14:34; Mr 6:51
g Mr 1:37
h Joh 1:38

**Tweede kol.**
a Joh 6:11
b Hab 3:17
c Joh 4:14; Joh 17:3; Ro 6:23
d Ps 22:8; Mt 3:17; Han 2:22; 2Pe 1:17
e Han 16:31; 1Jo 3:23
f Joh 7:29; Joh 8:42
g Mt 12:38; Mr 8:12; Joh 2:18; 1Ko 1:22
h Eks 16:15; Nu 11:7; Ne 9:15; Joh 6:49; 1Ko 10:3
i Ps 78:24; Ps 105:40
j Joh 3:16
k Joh 4:15
l Joh 4:14; Joh 7:37; Op 22:17
m Joh 6:64
n Mt 11:28; Joh 17:6
o Joh 3:13; Joh 8:23; Joh 8:42

van hom wat my gestuur het.[a]
**39** Dít is die wil van hom wat
my gestuur het, dat ek niks
moet verloor uit alles wat hy
my gegee het nie, maar dat ek
dit op die laaste dag moet op-
wek.[b] **40** Want dít is die wil
van my Vader, dat elkeen wat
die Seun aanskou en geloof in
hom beoefen, die ewige lewe
moet hê,[c] en ek sal hom op die
laaste dag opwek."[d]

**41** Daarom het die Jode oor
hom begin murmureer omdat
hy gesê het: "Ek is die brood
wat uit die hemel neergedaal
het";[e] **42** en hulle het begin
sê:[f] "Is dit nie Jesus, die seun
van Josef,[g] wie se vader en moe-
der ons ken nie? Hoe is dit
dat hy nou sê: 'Ek het uit die
hemel neergedaal'?" **43** Jesus
het geantwoord en vir hulle
gesê: "Hou op om onder me-
kaar te murmureer. **44** Geen
mens kan na my toe kom ten-
sy die Vader, wat my gestuur
het, hom trek nie;[h] en ek sal
hom in die laaste dag opwek.[i]
**45** Daar staan in die Profe-
te geskrywe: 'En hulle sal al-
mal deur Jehovah geleer word.'[j]
Elkeen wat by die Vader ge-
hoor het en wat geleer het, kom
na my toe.[k] **46** Nie dat enig-
iemand die Vader gesien het
nie,[l] behalwe hy wat van God
kom; hy het die Vader gesien.[m]
**47** Voorwaar, voorwaar, ek sê
vir julle: Hy wat glo, het die
ewige lewe.[n]

**48** "Ek is die brood[o] van die
lewe. **49** Julle voorvaders het
die manna[p] in die wildernis ge-
eet en tog gesterf. **50** Dít is
die brood wat uit die hemel
neerdaal, sodat enigeen daar-
van kan eet en nie sterf nie.
**51** Ek is die lewende brood wat
uit die hemel neergedaal het; as
iemand van hierdie brood eet,
sal hy vir ewig lewe; en in werk-
likheid is die brood wat ek sal
gee, my vlees[a] vir die lewe van
die wêreld."[b]

**52** Daarom het die Jode met
mekaar begin twis en gesê:
"Hoe kan hierdie man ons sy
vlees gee om te eet?" **53** Toe
het Jesus vir hulle gesê: "Voor-
waar, voorwaar, ek sê vir jul-
le: Tensy julle die vlees[c] van
die Seun van die mens eet en
sy bloed[d] drink, het julle geen
lewe[e] in julleself nie. **54** Hy
wat hom met my vlees voed en
my bloed drink, het die ewige
lewe, en ek sal hom op die laas-
te dag opwek;[f] **55** want my
vlees is ware voedsel, en my
bloed is ware drank. **56** Hy
wat hom met my vlees voed
en my bloed drink, bly in een-
heid met my, en ek in eenheid
met hom.[g] **57** Net soos die le-
wende[h] Vader my uitgestuur
het en ek weens die Vader le-
we, sal ook hy wat hom met my
voed, ja, hy, weens my lewe.[i]
**58** Dít is die brood wat uit die
hemel neergedaal het. Dit is nie
soos toe julle voorvaders geëet
en tog gesterf het nie. Hy wat
hom met hierdie brood voed,
sal vir ewig lewe."[j] **59** Hierdie
dinge het hy gesê terwyl hy in
'n openbare vergadering in Ka-
per'naum geleer het.

**60** Daarom het baie van sy
dissipels, toe hulle dit hoor,
gesê: "Hierdie woord is skok-
kend; wie kan daarna luister?"[k]
**61** Maar Jesus, wat by homself
geweet het dat sy dissipels hier-
oor murmureer, het vir hulle
gesê: "Laat dit julle struikel?[l]
**62** Wat dan as julle die Seun
van die mens sien opvaar na
waar hy voorheen was?[m]
**63** Dit is die gees wat lewege-
wend is;[n] die vlees is van hoege-
naamd geen nut nie. Die woor-

**HFST. 6**
a Mt 26:39 Joh 5:30
b Joh 5:28 Joh 17:12 Ro 6:5
c Joh 10:28
d Da 12:13 Joh 11:24 Han 17:31 1Te 4:16 Op 20:12
e Joh 6:33
f Mt 13:55 Mr 6:3 Lu 4:22
g Lu 3:23
h Joh 6:65 2Te 2:13
i Joh 11:24
j Jes 54:13 Jer 31:34 Mi 4:2
k 1Te 4:9
l Eks 33:20
m Mt 11:27 Lu 10:22 Joh 1:18
n Joh 3:16
o Joh 6:33
p Joh 6:31

**Tweede kol.**
a Joh 1:14 1Jo 4:2
b Heb 10:10
c Joh 6:27 Joh 6:33
d Han 20:28 Ro 3:25
e Op 20:4 Op 20:5
f Joh 6:40 1Ko 15:52 1Te 4:16
g Joh 14:23 Joh 15:4 1Jo 3:24
h Jer 10:10 Da 6:26 2Ko 3:3 1Te 1:9
i Joh 5:26 1Ko 15:22
j Joh 6:51
k Mt 11:6 Joh 6:66
l Mt 13:21
m Joh 3:13 Joh 6:38 Joh 8:23 Han 1:9 Ef 4:8
n 1Ko 15:45 2Ko 3:6 Ga 6:8

de wat ek tot julle gespreek het,
is gees[a] en is lewe.[b] **64** Maar
daar is party van julle wat nie
glo nie.” Want Jesus het van
die begin af geweet wie dié was
wat nie geglo het nie en wie
die een was wat hom sou ver-
raai.[c] **65** Toe het hy gesê: “Dit
is waarom ek vir julle gesê het:
Niemand kan na my toe kom
tensy dit deur die Vader aan
hom gegee word nie.”[d]

**66** As gevolg hiervan het
baie van sy dissipels terugge-
gaan na die dinge wat hul-
le agtergelaat[e] het en nie meer
saam met hom gewandel nie.[f]
**67** Daarom het Jesus vir die
twaalf gesê: “Julle wil nie mis-
kien ook gaan nie?” **68** Simon
Petrus[g] het hom geantwoord:
“Here, na wie toe sal ons weg-
gaan?[h] U het woorde van die
ewige lewe;[i] **69** en ons het ge-
glo en te wete gekom dat u die
Heilige van God is.”[j] **70** Jesus
het hulle geantwoord: “Ek het
julle twaalf uitgekies,[k] nie waar
nie? Tog is een van julle ’n laste-
raar.”[l] **71** Hy het in werklik-
heid van Judas, die seun van Si-
mon Iska′riot, gepraat; want dié
sou hom verraai,[m] hoewel hy
een van die twaalf was.

**7** En ná hierdie dinge het Je-
sus in Galile′a bly rondgaan,
want hy wou nie in Jude′a rond-
gaan nie, omdat die Jode
hom probeer doodmaak het.[n]
**2** Die fees van die Jode, die
loofhuttefees,[o] was egter naby.
**3** Daarom het sy broers[p] vir
hom gesê: “Vertrek hiervan-
daan en gaan na Jude′a, sodat
jou dissipels ook die werke kan
sien wat jy doen. **4** Want nie-
mand doen enigiets in die ge-
heim terwyl hy in die open-
baar bekend wil wees nie. As
jy hierdie dinge doen, open-
baar jou dan aan die wêreld.”
**5** Sy broers[a] het in werklikheid
nie geloof in hom beoefen nie.[b]
**6** Daarom het Jesus vir hulle
gesê: “My bestemde tyd is nog
nie hier nie,[c] maar julle bestem-
de tyd is altyd daar. **7** Die wê-
reld het geen rede om julle te
haat nie, maar hy haat my,
omdat ek aangaande hom ge-
tuig dat sy werke goddeloos is.[d]
**8** Gaan julle op na die fees; ek
gaan nog nie op na hierdie fees
nie, omdat my bestemde tyd[e]
nog nie heeltemal gekom het
nie.”[f] **9** Nadat hy dan hierdie
dinge vir hulle gesê het, het hy
in Galile′a gebly.

**10** Maar nadat sy broers na
die fees opgegaan het, het hy
self ook opgegaan, nie openlik
nie maar asof in die geheim.[g]
**11** Daarom het die Jode hom
by die fees begin soek[h] en gesê:
“Waar is daardie man?” **12** En
daar is onder die skare heelwat
op gedempte toon oor hom ge-
praat.[i] Party het gesê: “Hy is
’n goeie man.” Ander het gesê:
“Hy is nie, maar hy mislei die
skare.” **13** Uit vrees vir die
Jode het niemand natuurlik in
die openbaar oor hom gepraat
nie.[j]

**14** Toe die fees nou al half-
pad verby was, het Jesus op-
gegaan na die tempel en begin
leer.[k] **15** Daarom het die Jode
hulle begin verwonder en gesê:
“Hoe is dit dat hierdie man ge-
leerd is,[l] terwyl hy nie aan
die skole gestudeer het nie?”[m]
**16** Hierop het Jesus hulle ge-
antwoord en gesê: “Wat ek leer,
is nie myne nie, maar behoort
aan hom wat my gestuur het.[n]
**17** As iemand Sy wil wil doen,
sal hy aangaande die leer weet
of dit van God kom[o] en of
ek uit myself spreek. **18** Hy
wat uit homself spreek, soek
sy eie heerlikheid; maar hy

**HFST. 6**
a 1Ko 2:13
b De 8:3; Ps 119:50; Mt 4:4; Flp 2:16
c Mt 9:4; Joh 2:24; Joh 13:11
d Joh 6:44
e Lu 9:62
f Mt 11:6; Joh 6:60
g Mt 16:16; Mr 8:29
h Op 14:4
i Joh 6:63; Joh 17:3; Han 5:20
j Mr 1:24; Lu 9:20
k Lu 6:13; Joh 15:16
l Lu 22:3; Joh 13:18
m Mt 26:14; Joh 12:4

**HFST. 7**
n Mr 9:30; Joh 5:18
o Le 23:34
p Mt 12:46; Mr 6:3; Lu 8:19; Joh 2:12; Han 1:14; Ga 1:19

**Tweede kol.**
a Mt 13:55; Lu 8:20
b Mr 3:21
c Joh 2:4; Joh 7:30
d Joh 3:19; Joh 15:19
e Mt 26:45
f Joh 8:20
g Mt 10:16
h Joh 11:56
i Mt 21:46; Lu 7:16; Joh 6:14; Joh 9:16
j Joh 9:22; Joh 12:42; Joh 19:38
k Lu 19:47
l Lu 4:16
m Mt 13:54; Mr 6:2; Lu 2:47; Han 4:13
n Joh 3:34; Joh 8:28; Joh 12:49; Joh 14:10; Op 1:1
o Joh 8:47

wat die heerlikheid[a] soek van
die een wat hom gestuur het,
hy is waaragtig, en daar is
geen onregverdigheid in hom
nie. **19** Moses het julle die
Wet gegee,[b] nie waar nie? Maar
nie een van julle gehoor-
saam die Wet nie. Waarom pro-
beer julle my doodmaak?"[c]
**20** Die skare het geantwoord:
"Jy het 'n demoon.[d] Wie pro-
beer jou doodmaak?" **21** Je-
sus het geantwoord en vir hulle
gesê: "Een daad het ek verrig,[e]
en julle almal verwonder julle.
**22** Daarom het Moses julle die
besnydenis[f] gegee—nie dat dit
van Moses kom nie, maar van
die voorvaders[g]—en julle besny
'n mens op 'n sabbat.[h] **23** As
'n mens die besnydenis op 'n
sabbat ontvang sodat die wet
van Moses nie verbreek word
nie, is julle dan vir my woedend
omdat ek 'n mens op 'n sabbat
heeltemal gesond gemaak het?
**24** Hou op om na die uiterlike
te oordeel, maar oordeel met 'n
regverdige oordeel."[i]

**25** Daarom het party van die
inwoners van Jerusalem begin
sê: "Dit is die man wat hul-
le probeer doodmaak,[j] nie waar
nie? **26** En kyk! hy praat in
die openbaar,[k] en hulle sê niks
vir hom nie. Die heersers het
nie miskien vir seker te wete
gekom dat hy die Christus
is nie?[l] **27** Ons weet daaren-
teen waar hierdie man van-
daan kom;[m] maar wanneer die
Christus kom, gaan niemand
weet waar hy vandaan kom
nie."[n] **28** Daarom het Jesus
uitgeroep terwyl hy in die tem-
pel geleer het en gesê: "Jul-
le ken my en weet ook waar
ek vandaan kom.[o] Ook het ek
nie op eie inisiatief gekom nie,[p]
maar hy wat my gestuur het,
bestaan werklik,[q] en julle ken
hom nie.[a] **29** Ek ken hom,[b]
omdat ek 'n verteenwoordiger
is wat van hom af kom, en Hy
het my uitgestuur."[c] **30** Hul-
le het hom derhalwe probeer
gevange neem,[d] maar niemand
het 'n hand aan hom geslaan
nie, omdat sy uur[e] nog nie ge-
kom het nie. **31** Nogtans het
baie van die skare geloof in
hom gestel;[f] en hulle het be-
gin sê: "Wanneer die Christus
kom, sal hy tog nie meer te-
kens doen[g] as wat hierdie man
gedoen het nie, of hoe?"

**32** Die Fariseërs het die ska-
re hierdie dinge oor hom hoor
mompel, en die hoofpriesters
en die Fariseërs het beamp-
tes gestuur om hom gevange
te neem.[h] **33** Daarom het Je-
sus gesê: "Ek bly nog 'n klein
rukkie by julle voor ek na hom
toe gaan wat my gestuur het.[i]
**34** Julle sal my soek,[j] maar jul-
le sal my nie vind nie, en waar
ek is, kan julle nie kom nie."[k]
**35** Daarom het die Jode on-
der mekaar gesê: "Waarheen is
hierdie man van plan om te
gaan, sodat ons hom nie sal
vind nie? Hy is nie miskien van
plan om na die Jode te gaan wat
onder die Grieke verstrooi is[l] en
die Grieke te leer nie? **36** Wat
beteken hierdie woord wat hy
gesê het: 'Julle sal my soek,
maar julle sal my nie vind nie,
en waar ek is, kan julle nie kom
nie'?"

**37** En op die laaste dag, die
groot dag van die fees,[m] het Je-
sus gestaan en uitgeroep en ge-
sê: "As iemand dors is,[n] laat
hom na my toe kom en drink.
**38** Hy wat geloof in my stel,[o]
net soos die Skrifgedeelte ge-
sê het: 'Uit sy binneste sal stro-
me van lewende water vloei.'"[p]
**39** Hy het dit egter gesê van
die gees wat dié wat geloof in

**HFST. 7**
a Joh 5:41; Joh 8:50
b Eks 24:3; De 33:4; Han 7:38; Ga 3:19
c Mt 12:14; Mr 3:6
d Joh 8:48; Joh 10:20
e Joh 5:16
f Le 12:3
g Ge 17:10; Ge 21:4; Ro 4:11; Flp 3:5
h Joh 5:9
i De 1:16; Spr 24:23; Jes 11:3; Mt 23:23
j Joh 5:18
k Mt 26:55; Joh 18:20
l Joh 7:48
m Mt 13:55
n Ge 49:10; Mi 5:2; Heb 7:3
o Mr 6:3; Joh 8:14
p Joh 8:42
q Joh 8:26

**Tweede kol.**
a Joh 8:55
b Mt 11:27; Joh 1:18; Joh 10:15
c Heb 3:1
d Mr 11:18; Lu 19:47
e Lu 22:53; Joh 8:20
f Joh 2:23; Joh 8:30; Joh 10:42; Joh 11:45
g Mi 5:4; Joh 11:47
h Joh 11:57
i Joh 13:33; Joh 16:16
j Joh 8:21
k Joh 8:22
l Jes 11:12; Han 17:10; 1Pe 1:1
m Le 23:36
n Jes 55:1; Joh 4:14; Joh 6:35; Op 22:17
o De 18:15
p Eks 17:6; Nu 20:8; Spr 18:4; Joh 4:14; 1Ko 10:4

hom gestel het, weldra sou ont-
vang; want daar was toe nog
geen gees nie,[a] omdat Jesus
nog nie verheerlik was nie.[b]
40 Daarom het party van die
skare wat hierdie woorde ge-
hoor het, begin sê: "Hy is vir
seker Die Profeet."[c] 41 An-
der het gesê: "Hy is die Chris-
tus."[d] Maar party het gesê: "Die
Christus[e] kom nie werklik uit
Galile′a nie, of hoe?[f] 42 Het
die Skrif nie gesê dat die Chris-
tus uit die nageslag van Da-
wid[g] en uit Betlehem,[h] die dor-
pie waar Dawid was,[i] kom nie?"
43 Daarom het daar verdeeld-
heid oor hom onder die skare
ontstaan.[j] 44 Party van hulle
wou hom egter gevange neem,
maar niemand het die hande
aan hom geslaan nie.

45 Daarom het die beamptes
na die hoofpriesters en Fari-
seërs toe teruggegaan, en laas-
genoemdes het vir hulle gesê:
"Waarom het julle hom nie ge-
bring nie?" 46 Die beamptes
het geantwoord: "Nog nooit het
'n ander mens so gepraat nie."[k]
47 Hierop het die Fariseërs ge-
antwoord: "Julle is tog nie ook
mislei nie? 48 Nie een van die
heersers of van die Fariseërs
het geloof in hom gestel nie,
of hoe?[a] 49 Maar hierdie ska-
re wat die Wet nie ken nie, is
vervloekte mense."[b] 50 Niko-
de′mus, wat vantevore na hom
toe gekom het en wat een van
hulle was, het vir hulle gesê:
51 "Ons wet oordeel 'n mens
nie tensy dit hom eers gehoor
het[c] en te wete gekom het wat
hy doen nie, of hoe?" 52 Hulle
het geantwoord en vir hom ge-
sê: "Jy is tog nie ook uit Gali-
le′a nie? Ondersoek en sien dat
geen profeet[d] uit Galile′a ver-
wek word nie."*

**8** 12 Daarom het Jesus weer
met hulle gepraat en ge-
sê: "Ek is die lig[e] van die wê-
reld. Hy wat my volg, sal hoe-
genaamd nie in die duisternis
wandel nie,[f] maar sal die lig van
die lewe besit." 13 Die Fari-
seërs het derhalwe vir hom ge-
sê: "Jy getuig aangaande jou-
self; jou getuienis is nie
waar nie." 14 Jesus het geant-
woord en vir hulle gesê: "Selfs

HFST. 7
a Jes 44:3 Jl 2:28 Joh 16:7 Han 2:17
b Joh 12:16 Joh 13:32 1Ti 3:16
c De 18:18 Joh 1:21 Joh 6:14 Han 3:22
d Joh 6:69
e Joh 4:42 Joh 7:52
f Joh 1:46
g 2Kr 13:5 Ps 89:4 Ps 132:11 Jer 23:5
h Mi 5:2 Mt 2:5 Lu 2:4
i 1Sa 16:1
j Joh 9:16 Joh 10:19
k Ge 49:21 Mt 7:29 Lu 4:22 Lu 20:39

Tweede kol.
a Joh 12:42 Han 6:7
b Ga 3:10
c De 1:16 De 17:8 Spr 18:13
d Jes 9:1 Mt 4:15

HFST. 8
e Jes 9:2 Jes 49:6 Mt 4:16 Joh 1:5 Joh 12:35
f Mi 3:6; Joh 12:46; 1Pe 2:9; 1Jo 2:8.

* Die manuskripte Codex Sinaiticus, Codex Vaticanus en die Sinaïties-Siriese kodeks laat vers 53 tot hoofstuk 8, vers 11, weg, wat (met enkele verskille in die onderskeie Griekse tekste en weergawes) soos volg lui:

53 En elkeen van hulle het na sy huis gegaan.

**8** Maar Jesus het na die Olyfberg gegaan. 2 Met dagbreek het hy egter weer by
die tempel verskyn, en die hele volk het na hom toe begin kom, en hy het gaan sit
en hulle begin leer. 3 En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou gebring
wat op egbreuk betrap is, en nadat hulle haar in hulle midde laat staan het, 4 het
hulle vir hom gesê: "Leermeester, hierdie vrou is op heter daad betrap terwyl sy eg-
breuk gepleeg het. 5 In die Wet het Moses voorgeskryf dat ons sulke vroue moet ste-
nig. Wat sê u egter?" 6 Hulle het dit natuurlik gesê om hom op die proef te stel, om
iets te hê om hom van te beskuldig. Maar Jesus het neergebuk en met sy vinger op die
grond begin skryf. 7 Toe hulle aanhou om hom te vra, het hy orent gekom en vir hul-
le gesê: "Laat die een van julle wat sondeloos is, die eerste wees om 'n klip na haar te
gooi." 8 En hy het weer neergebuk en aangehou om op die grond te skryf. 9 Maar
dié wat dit gehoor het, het een vir een begin uitgaan, die ouer manne eerste, en hy is
alleen agtergelaat, en die vrou wat in hulle midde was. 10 Jesus het orent gekom en
vir haar gesê: "Vrou, waar is hulle? Het niemand jou veroordeel nie?" 11 Sy het ge-
sê: "Niemand nie, Meneer." Jesus het gesê: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan; beoefen
van nou af nie meer sonde nie."

al getuig ek aangaande myself,
is my getuienis waar,[a] omdat
ek weet waar ek vandaan ge-
kom het en waarheen ek gaan.[b]
Maar julle weet nie waar ek
vandaan gekom het en waar-
heen ek gaan nie. **15** Julle
oordeel na die vlees;[c] ek oor-
deel hoegenaamd niemand
nie.[d] **16** En as ek wel oordeel,
is my oordeel waaragtig, omdat
ek nie alleen is nie, maar die Va-
der wat my gestuur het, met my
is.[e] **17** Ook staan daar in julle
eie Wet geskrywe: 'Die getuie-
nis van twee mense is waar.'[f]
**18** Ek is een wat aangaande
myself getuig, en die Vader wat
my gestuur het, getuig aan-
gaande my."[g] **19** Daarom het
hulle vir hom gesê: "Waar is jou
Vader?" Jesus het geantwoord:
"Julle ken my nie, en ook nie
my Vader nie.[h] As julle my ge-
ken het, sou julle my Vader ook
ken."[i] **20** Hierdie woorde het
hy in die skatkisgedeelte[j] ge-
spreek terwyl hy in die tem-
pel geleer het. Maar niemand
het hom gevange geneem nie,[k]
want sy uur[l] het nog nie gekom
nie.

**21** Hy het derhalwe weer
vir hulle gesê: "Ek gaan weg,
en julle sal my soek,[m] en nog-
tans sal julle in julle sonde
sterf.[n] Waarheen ek gaan, kan
julle nie kom nie." **22** Daar-
om het die Jode begin sê: "Hy
sal homself tog nie doodmaak
nie, of hoe? Want hy sê: 'Waar-
heen ek gaan, kan julle nie
kom nie.' "[o] **23** Toe het hy vir
hulle gesê: "Julle is van die
ryke hier onder; ek is van die
ryke daar bo.[p] Julle is van hier-
die wêreld;[q] ek is nie van hier-
die wêreld nie.[r] **24** Daarom
het ek vir julle gesê: Julle sal
in julle sondes sterf.[s] Want as
julle nie glo dat dit ek is nie,
sal julle in julle sondes sterf."[a]
**25** Daarom het hulle vir hom
begin sê: "Wie is jy?" Jesus het
vir hulle gesê: "Waarom praat
ek hoegenaamd nog met julle?
**26** Ek het baie dinge om oor
julle te sê en om 'n oordeel oor
uit te spreek. Trouens, hy wat
my gestuur het, is waaragtig,
en die dinge wat ek by hom ge-
hoor het, dié spreek ek in die
wêreld."[b] **27** Hulle het nie
begryp dat hy met hulle van
die Vader praat nie. **28** Daar-
om het Jesus gesê: "Wanneer
julle die Seun van die mens[c]
eers opgehef het,[d] dan sal jul-
le weet dat dit ek is,[e] en dat
ek niks op eie inisiatief[f] doen
nie; maar net soos die Vader
my geleer het, spreek ek hier-
die dinge.[g] **29** En hy wat my
gestuur het, is met my; hy
het my nie aan myself oorge-
laat nie, omdat ek altyd die
dinge doen wat hom behaag."[h]
**30** Terwyl hy hierdie dinge ge-
spreek het, het baie geloof in
hom gestel.[i]

**31** En toe het Jesus vir die
Jode wat hom geglo het, gesê:
"As julle in my woord bly,[j] is jul-
le werklik my dissipels, **32** en
julle sal die waarheid[k] ken,
en die waarheid sal julle vry-
maak."[l] **33** Hulle het hom ge-
antwoord: "Ons is Abraham se
nageslag[m] en ons was nog nooit
enigiemand se slawe nie.[n] Hoe
is dit dat jy sê: 'Julle sal vry
word'?" **34** Jesus het hulle ge-
antwoord: "Voorwaar, voor-
waar, ek sê vir julle: Elkeen
wat sonde doen, is 'n slaaf van
die sonde.[o] **35** Bowendien bly
die slaaf nie vir ewig in die
huis nie; die seun bly vir ewig.[p]
**36** As die Seun julle dan vry-
maak, sal julle werklik vry
wees.[q] **37** Ek weet dat julle
Abraham se nageslag is; maar

**HFST. 8**

a Joh 5:31
b Joh 7:28, Joh 13:3, Joh 16:28
c 1Sa 16:7, Joh 7:24
d Lu 12:14, Joh 3:17
e Joh 14:10, Joh 16:32
f De 17:6, De 19:15, Mt 18:16, 2Ko 13:1, Heb 10:28
g Joh 5:37, 2Pe 1:17, 1Jo 5:9
h Joh 16:3
i Mt 11:27, Joh 14:7
j Mr 12:41
k Joh 7:30
l Joh 7:8
m Joh 7:34, Joh 13:33
n Joh 8:24
o Joh 7:35
p Joh 3:31, Joh 16:28, Kol 3:1
q Joh 15:19, Joh 17:6, 1Jo 4:5
r Joh 18:36
s Ese 18:4

**Tweede kol.**

a Ps 51:5, Jes 58:1
b Joh 7:28, Joh 18:20
c Da 7:13, Mt 26:64
d Nu 21:9, Joh 3:14, Joh 12:32, Ga 3:13
e Mt 27:54
f Joh 5:19, Joh 5:30
g Joh 3:11
h Spr 8:13, Joh 4:34, Joh 14:10, Heb 1:9
i Joh 7:31, Joh 10:42, Joh 11:45
j Joh 5:38, Joh 15:7
k Joh 17:17, Joh 18:37
l Ps 119:45, Lu 4:18, Ro 6:14, Ro 6:22, Heb 2:15, Jak 1:25
m Mt 3:9
n Le 25:42
o Spr 5:22, Ro 6:6, Ro 6:16, Ro 7:14, 2Pe 2:19
p Ge 21:10, Ge 25:6, Ga 4:30
q Ga 5:1

julle probeer my doodmaak,[a]
omdat my woord geen voor-
uitgang onder julle maak nie.[b]
**38** Die dinge wat ek by my Va-
der gesien het,[c] spreek ek;[d] en
julle doen dus die dinge wat jul-
le by julle vader gehoor het.”
**39** Hulle het geantwoord en vir
hom gesê: “Ons vader is Abra-
ham.”[e] Jesus het vir hulle ge-
sê: “As julle Abraham se kin-
ders is,[f] doen dan die werke van
Abraham. **40** Maar nou pro-
beer julle my doodmaak, ’n man
wat vir julle die waarheid vertel
het wat ek by God gehoor het.[g]
Abraham het dit nie gedoen
nie.[h] **41** Julle doen die werke
van julle vader.” Hulle het vir
hom gesê: “Ons is nie uit hoere-
ry gebore nie; ons het een Va-
der,[i] God.”

**42** Jesus het vir hulle gesê:
“As God julle Vader was, sou
julle my liefhê,[j] want van God
het ek uitgegaan en is ek hier.[k]
Ook het ek glad nie op eie ini-
siatief gekom nie, maar daar-
die Een het my uitgestuur.[l]
**43** Waarom weet julle nie wat
ek sê nie? Omdat julle nie na
my woord kan luister nie.[m]
**44** Julle is van julle vader die
Duiwel,[n] en julle wil die be-
geertes van julle vader doen.[o]
Hy was ’n mensemoordenaar
toe hy begin het,[p] en hy het
nie in die waarheid vasgestaan
nie, omdat daar geen waarheid
in hom is nie. Wanneer hy die
leuen spreek, spreek hy oor-
eenkomstig sy eie geaardheid,
want hy is ’n leuenaar en die
vader van die leuen.[q] **45** Om-
dat ek daarenteen die waar-
heid praat, glo julle my nie.[r]
**46** Wie van julle bevind my
skuldig aan sonde?[s] As ek die
waarheid praat, waarom glo
julle my dan nie? **47** Hy wat
uit God is, luister na die woor-
de van God.[a] Daarom luister
julle nie, omdat julle nie uit
God is nie.”[b]

**48** Die Jode het geantwoord
en vir hom gesê: “Sê ons nie
tereg: Jy is ’n Samaritaan[c] en
het ’n demoon[d] nie?” **49** Jesus
het geantwoord: “Ek het nie
’n demoon nie, maar ek eer
my Vader,[e] en julle doen my
oneer aan. **50** Maar ek soek
nie heerlikheid vir myself nie;[f]
daar is Een wat soek en
oordeel.[g] **51** Voorwaar, voor-
waar, ek sê vir julle: As iemand
my woord bewaar, sal hy die
dood nóóit sien nie.”[h] **52** Die
Jode het vir hom gesê: “Nou
weet ons dat jy ’n demoon het.[i]
Abraham het gesterf,[j] ook die
profete;[k] maar jy sê: ‘As iemand
my woord bewaar, sal hy die
dood nóóit smaak nie.’[l] **53** Jy
is tog nie groter[m] as ons va-
der Abraham wat gesterf het
nie, of hoe? Ook het die profete
gesterf.[n] Wie beweer jy is jy?”
**54** Jesus het geantwoord: “As
ek myself verheerlik, is my
heerlikheid niks. Dit is my Va-
der wat my verheerlik,[o] hy wat
julle sê julle God is; **55** en
tog het julle hom nie geken
nie.[p] Maar ek ken hom.[q] En
as ek gesê het dat ek hom
nie ken nie, sou ek soos julle
wees, ’n leuenaar. Maar ek ken
hom wel en bewaar sy woord.[r]
**56** Abraham, julle vader, het
hom grootliks verbly in die
vooruitsig om my dag te sien,[s]
en hy het dit gesien en hom ver-
bly.”[t] **57** Daarom het die Jode
vir hom gesê: “Jy is nog nie vyf-
tig jaar oud nie, en nogtans het
jy Abraham gesien?” **58** Je-
sus het vir hulle gesê: “Voor-
waar, voorwaar, ek sê vir jul-
le: Voordat Abraham in aansyn

**HFST. 8**
a Joh 7:19
b Flp 3:16
c Joh 5:19
d Joh 14:10
e Ge 26:4; Mt 3:9; Joh 8:33
f Ro 2:28; Ro 9:8; Ga 3:7; Ga 3:29
g Joh 8:26
h Ro 4:12
i De 32:6; Jes 63:16; Jes 64:8; Mal 1:6; Mal 2:10
j Joh 16:27; 1Jo 5:1
k Joh 13:3
l Joh 3:16; Joh 5:19; Ga 4:4
m Ro 8:7
n Mt 4:1; Mt 13:39; 1Pe 5:8; Op 12:9
o Ge 3:15; Mt 12:34; Han 13:10
p 1Jo 3:8
q Ge 3:4; 2Ko 11:3; Op 12:9
r Lu 22:67; Joh 6:64
s 2Ko 5:21; Heb 4:15; Heb 7:26; 1Pe 2:22; 1Jo 3:5

**Tweede kol.**
a Joh 18:37; 1Jo 4:6
b Joh 10:26
c Joh 4:9
d Mt 12:24; Joh 7:20; Joh 10:20; Joh 15:18
e Mal 1:6
f Joh 5:41; Joh 7:18
g Ge 18:25; Ps 26:1; Jes 33:22; Han 17:31; Ro 3:6
h Joh 5:24; Joh 11:26; 1Ko 15:54; Op 20:6
i Joh 10:20
j Ge 25:8
k Sag 1:5; Han 2:29; Heb 11:13
l Mt 16:28
m Joh 4:12
n Mt 23:29
o Joh 5:41; Joh 13:32; Han 3:13
p Joh 7:28
q Joh 7:29
r Mt 17:5
s Lu 10:24

t Mt 13:17; Heb 11:13; 1Pe 1:11.

gekom het, was ek.”[a] **59** Toe
het hulle klippe opgetel om
hom daarmee te gooi;[b] maar Je-
sus het hom verberg en uit die
tempel uitgegaan.

**9** En terwyl hy verbygegaan
het, het hy ’n man gesien
wat van sy geboorte af blind
was. **2** En sy dissipels het
hom gevra: “Rabbi,[c] wie het
gesondig,[d] hierdie man of sy
ouers,[e] dat hy blind gebore
is?” **3** Jesus het geantwoord:
“Nie hierdie man of sy ouers
het gesondig nie, maar dit was
sodat die werke van God in
sy geval openbaar gemaak kon
word.[f] **4** Ons moet die wer-
ke verrig van hom wat my ge-
stuur het terwyl dit dag is;[g] die
nag[h] kom wanneer geen mens
kan werk nie. **5** Solank ek in
die wêreld is, is ek die wê-
reld se lig.”[i] **6** Nadat hy hier-
die dinge gesê het, het hy op
die grond gespoeg en met die
speeksel klei gemaak en sy klei
op die man se oë gesit[j] **7** en
vir hom gesê: “Gaan was[k] jou
in die bad Silo′am”[l] (wat as
‘Uitgestuur’ vertaal word). En
hy het weggegaan en hom ge-
was[m] en siende teruggekom.[n]

**8** Toe het die bure en dié
wat hom vroeër as ’n bedelaar
gesien het, begin sê: “Dit is die
man wat gesit en bedel het, nie
waar nie?”[o] **9** Party het ge-
sê: “Dit is hy.” Ander het ge-
sê: “Beslis nie, maar hy lyk na
hom.” Die man het gesê: “Dit
is ek.” **10** Gevolglik het hul-
le vir hom begin sê: “Hoe is jou
oë dan geopen?”[p] **11** Hy het
geantwoord: “Die man met die
naam Jesus het klei gemaak en
dit aan my oë gesmeer en vir
my gesê: ‘Gaan na Silo′am[q] en
was jou.’ Ek het dus gegaan
en my gewas en kon sien.”
**12** Hierop het hulle vir hom
gesê: “Waar is daardie man?”
Hy het gesê: “Ek weet nie.”

**13** Hulle het hom, die eens
blinde man, na die Fariseërs
toe gelei. **14** Terloops, dit was
Sabbat[a] op die dag dat Jesus die
klei gemaak en sy oë geopen
het.[b] **15** Dié keer het ook die
Fariseërs hom dus begin vra
hoe dit gekom het dat hy kan
sien.[c] Hy het vir hulle gesê: “Hy
het klei op my oë gesit, en ek
het my gewas en kan nou sien.”
**16** Daarom het party van die
Fariseërs begin sê: “Hy is nie ’n
man wat van God kom nie,
want hy onderhou nie die Sab-
bat nie.”[d] Ander het begin sê:
“Hoe kan ’n mens wat ’n son-
daar is, sulke tekens doen?”[e] En
daar was verdeeldheid[f] onder
hulle. **17** Hulle het derhalwe
weer vir die blinde man gesê:
“Wat sê jy van hom, aangesien
hy jou oë geopen het?” Die man
het gesê: “Hy is ’n profeet.”[g]

**18** Die Jode het dit egter nie
van hom geglo dat hy blind
was en nou kon sien nie, tot-
dat hulle die ouers geroep het
van die man wat siende ge-
word het. **19** En hulle het
hulle gevra: “Is dit julle seun
wat julle sê blind gebore is?
Hoe is dit dan dat hy nou
sien?” **20** Toe het sy ouers
geantwoord en gesê: “Ons weet
dat dit ons seun is en dat hy
blind gebore is. **21** Maar hoe
dit is dat hy nou sien, weet ons
nie, of wie sy oë geopen het,
weet ons nie. VRA hom. Hy is
mondig. Hy moet vir homself
praat.” **22** Sy ouers het hier-
die dinge gesê omdat hulle die
Jode gevrees het,[h] want die
Jode het reeds ooreengekom
dat as iemand hom as Christus
bely, hy uit die sinagoge geban

**HFST. 8**
a Spr 8:22; Joh 17:5; Flp 2:6; Kol 1:17; 1Jo 2:13
b Joh 10:31; Joh 11:8

**HFST. 9**
c Joh 1:38
d Lu 13:2
e Eks 20:5; Ese 18:19
f Mt 11:5; Joh 11:4
g Joh 4:34; Joh 11:9
h Job 10:21; Pr 9:10
i Jes 49:6; Jes 61:1; Joh 1:5; Joh 8:12
j Mr 8:23
k 2Kn 5:10
l 2Kn 20:20; 2Kr 32:30
m 2Kn 5:14
n Jes 42:7
o Han 3:10
p Joh 9:15
q Joh 9:7

**Tweede kol.**
a Lu 13:14; Joh 5:9
b Joh 9:6
c Joh 9:10
d Eks 20:10
e Joh 3:2
f Lu 12:51; Joh 7:12; Joh 7:43; Joh 10:19
g De 18:22; Joh 4:19
h Spr 29:25; Joh 7:13; Joh 19:38; Joh 20:19

moet word.[a] **23** Daarom het
sy ouers gesê: "Hy is mondig.
ONDERVRA hom."

**24** Toe het hulle die man wat
blind was, 'n tweede keer ge-
roep en vir hom gesê: "Gee
heerlikheid aan God;[b] ons
weet dat hierdie man 'n son-
daar is." **25** Hierop het hy ge-
antwoord: "Of hy 'n sondaar
is, weet ek nie. Een ding weet
ek wel, dat ek, hoewel ek blind
was, nou sien." **26** Daarom
het hulle vir hom gesê: "Wat
het hy met jou gedoen? Hoe het
hy jou oë geopen?" **27** Hy het
hulle geantwoord: "Ek het jul-
le reeds vertel, en tog het
julle nie geluister nie. Waar-
om wil julle dit weer hoor? Jul-
le wil tog nie ook sy dissi-
pels word nie?" **28** Hierop
het hulle hom uitgeskel en ge-
sê: "Jy is 'n dissipel van daar-
die man, maar ons is dissipels
van Moses. **29** Ons weet dat
God met Moses gepraat het;[c]
maar wat hierdie man betref,
ons weet nie waar hy van-
daan kom nie."[d] **30** Die man
het geantwoord en vir hulle
gesê: "Dit is beslis verbasend[e]
dat julle nie weet waar hy van-
daan kom nie, en tog het hy
my oë geopen. **31** Ons weet
dat God nie na sondaars luis-
ter nie,[f] maar as iemand god-
vresend is en sy wil doen, luis-
ter hy na hom.[g] **32** Van ouds
af is daar nog nooit gehoor dat
enigeen die oë geopen het van
iemand wat blind gebore is nie.
**33** As hierdie man nie van God
gekom het nie,[h] sou hy hoege-
naamd niks kon doen nie."
**34** Hulle het geantwoord en
vir hom gesê: "Jy is geheel en
al in sondes gebore,[i] en nog-
tans leer jy ons?" En hulle het
hom uitgegooi![j]

**35** Jesus het gehoor dat hul-
le hom uitgegooi het, en toe
hy hom vind, het hy gesê: "Stel
jy geloof in die Seun van die
mens?"[a] **36** Die man het ge-
antwoord: "En wie is hy, Me-
neer, sodat ek geloof in hom
kan stel?" **37** Jesus het vir
hom gesê: "Jy het hom ge-
sien, en buitendien is dit hy
wat met jou praat."[b] **38** Toe
het hy gesê: "Ek stel geloof
in hom, Here." En hy het aan
hom hulde bewys.[c] **39** En Je-
sus het gesê: "Vir hierdie oor-
deel[d] het ek in hierdie wêreld
ingekom: dat dié wat nie sien
nie, kan sien,[e] en dié wat sien,
blind kan word."[f] **40** Dié van
die Fariseërs wat by hom was,
het hierdie dinge gehoor, en
hulle het vir hom gesê: "Ons is
tog nie ook blind nie,[g] of hoe?"
**41** Jesus het vir hulle gesê:
"As julle blind was, sou julle
geen sonde hê nie. Maar nou
sê julle: 'Ons sien.'[h] Julle son-
de[i] bly."

**10** "Voorwaar, voorwaar, ek
sê vir julle: Hy wat nie
by die deur[j] in die skaapkraal
ingaan nie maar iewers anders
opklim, hy is 'n dief en 'n plun-
deraar.[k] **2** Maar hy wat by die
deur[l] ingaan, is herder[m] van
die skape.[n] **3** Die deurwag-
ter[o] maak vir hom oop, en die
skape[p] luister na sy stem, en
hy roep sy eie skape by hulle
naam en lei hulle uit. **4** Wan-
neer hy almal wat syne is, uit-
gebring het, gaan hy voor hulle
uit, en die skape volg[q] hom, om-
dat hulle sy stem ken.[r] **5** Hul-
le sal 'n vreemdeling hoege-
naamd nie volg nie maar sal van
hom af wegvlug,[s] omdat hulle
nie die stem van vreemdelinge
ken nie."[t] **6** Jesus het hier-
die vergelyking vir hulle vertel;

**HFST. 9**
a Joh 12:42; Joh 16:2
b Jos 7:19
c Ps 103:7
d Joh 8:14
e Joh 3:10
f Ps 66:18; Spr 28:9; Jes 1:15; Ese 8:18; Mi 3:4; Sag 7:13
g Ps 34:15; Spr 15:29; Han 10:35
h Joh 3:2; Joh 5:36
i Joh 9:2
j Joh 9:22; Joh 16:2

**Tweede kol.**
a 1Jo 5:13
b Joh 4:26
c 1Sa 25:23; Mt 8:2; Mt 9:18
d Joh 12:47
e Lu 4:18; Joh 12:46
f Jes 29:14; Mt 11:25; Mt 13:13; Joh 3:19; Han 28:26; Ro 1:28; 2Pe 1:9
g Mt 15:14; Ro 2:19; Op 3:17
h Spr 26:12; 2Ko 4:4
i Joh 15:22

**HFST. 10**
j Joh 10:7
k Mt 7:15
l Joh 10:9
m Mt 26:31; Joh 10:11
n Mr 14:27; Lu 12:32
o Mal 3:1; Lu 1:17; Joh 3:28
p Joh 10:27
q Mt 4:20; Mt 9:9; Op 14:4
r Op 3:20
s Op 2:2
t Ga 1:8; Kol 2:8

maar hulle het nie geweet wat die dinge beteken wat hy vir hulle gesê het nie.[a]

**7** Daarom het Jesus weer gesê: "Voorwaar, voorwaar, ek sê vir julle: Ek is die deur[b] van die skape. **8** Almal wat in my plek gekom het, is diewe en plunderaars;[c] maar die skape het nie na hulle geluister nie.[d] **9** Ek is die deur;[e] wie deur my ingaan, sal gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.[f] **10** Die dief[g] kom nie tensy dit is om te steel en te slag en te vernietig nie.[h] Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, en dit in oorvloed kan hê. **11** Ek is die goeie herder;[i] die goeie herder doen afstand van sy siel ten behoewe van die skape.[j] **12** Die huurling,[k] wat geen herder is nie en aan wie die skape nie as sy eiendom behoort nie, sien die wolf kom en verlaat die skape en vlug—en die wolf gryp hulle en verstrooi hulle[l]— **13** omdat hy 'n huurling[m] is en nie vir die skape omgee nie.[n] **14** Ek is die goeie herder, en ek ken my skape[o] en my skape ken my,[p] **15** net soos die Vader my ken en ek die Vader ken;[q] en ek doen afstand van my siel ten behoewe van die skape.[r]

**16** "En ek het ander skape,[s] wat nie van hierdie kraal[t] is nie; ook hulle moet ek bring, en hulle sal na my stem luister,[u] en hulle sal een kudde onder een herder word.[v] **17** Daarom het die Vader my lief,[w] omdat ek van my siel afstand doen,[x] sodat ek dit weer kan ontvang. **18** Geen mens het dit van my weggeneem nie, maar ek doen op eie inisiatief afstand daarvan. Ek het gesag om daarvan afstand te doen, en ek het gesag om dit weer te ontvang.[y] Die gebod[a] hieroor het ek van my Vader ontvang."

**19** Weer het verdeeldheid[b] onder die Jode ontstaan weens hierdie woorde. **20** Baie van hulle het gesê: "Hy het 'n demoon[c] en is kranksinnig. Waarom luister julle na hom?" **21** Ander het gesê: "Dit is nie die woorde van 'n man wat van 'n demoon besete is nie. 'n Demoon kan tog nie blindes se oë open nie, of hoe?"

**22** In daardie tyd het die toewydingsfees in Jerusalem plaasgevind. Dit was winter, **23** en Jesus het in die tempel in die pilaargang van Salomo[d] geloop. **24** Toe het die Jode hom omring en vir hom begin sê: "Hoe lank gaan u ons siele in spanning laat? As u die Christus is,[e] sê dit vir ons reguit."[f] **25** Jesus het hulle geantwoord: "Ek het vir julle gesê, en tog glo julle nie. Die werke wat ek in die naam van my Vader doen, dié getuig aangaande my.[g] **26** Maar julle glo nie, omdat julle nie van my skape is nie.[h] **27** My skape[i] luister na my stem, en ek ken hulle, en hulle volg my.[j] **28** En ek gee hulle die ewige lewe,[k] en hulle sal beslis nooit vernietig word nie,[l] en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.[m] **29** Wat my Vader[n] my gegee het, is groter as alle ander dinge,[o] en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie.[p] **30** Ek en die Vader is een."[q]

**31** Weer eens het die Jode klippe opgetel om hom te stenig.[r] **32** Jesus het hulle geantwoord: "Ek het talle goeie werke aan julle getoon wat van die Vader afkomstig is. Oor watter van daardie werke stenig julle

**HFST. 10**

a Joh 16:25
b Joh 14:6
c Jer 23:1; Ese 34:2
d Han 5:36
e Ef 2:18
f Joh 21:17
g Job 24:14; Mt 7:15
h Han 20:29; 2Pe 2:1
i Ese 34:23; Mt 9:36
j 1Sa 17:35; Jes 53:7; Heb 13:20
k Job 7:2; Sag 11:16
l Han 20:29
m 1Pe 5:2
n Mr 12:40
o Joh 10:27
p 1Jo 5:20
q Mt 11:27
r Mt 20:28; Joh 15:13; 1Jo 3:16
s Ps 45:14; Mt 25:33; Op 7:9
t Lu 12:32; Joh 10:1
u Ge 49:10
v Ese 34:23; Ese 37:24; 1Pe 5:4
w Joh 17:23
x Jes 53:12; Flp 2:8; Heb 2:9; Heb 12:2
y Joh 2:19; Han 2:24

**Tweede kol.**

a Joh 14:31
b Lu 12:51; Joh 7:12; Joh 9:16
c Mt 11:18; Mr 3:30; Lu 7:33
d Han 3:11; Han 5:12
e Mt 26:63
f Mr 8:30
g Joh 3:2; Joh 5:36; Joh 10:38; Joh 14:10; Han 2:22
h Joh 6:64; Joh 8:47; 1Jo 4:6
i Lu 15:6; Joh 10:3
j Mt 4:20; Mt 9:9; Op 14:4
k Joh 5:24; Joh 17:2
l Joh 6:37
m Joh 18:9
n Joh 14:28
o Joh 17:2
p Joh 17:24; 1Pe 1:5

**q** Joh 10:38; Joh 17:11; Joh 17:21; **r** Joh 8:59.

my?” **33** Die Jode het hom ge-
antwoord: “Ons stenig jou nie
oor ’n goeie werk nie, maar oor
lastering,[a] ja, omdat jy, hoewel
jy ’n mens is, jouself ’n god
maak.”[b] **34** Jesus het hulle
geantwoord: “Staan daar nie in
julle Wet geskrywe:[c] ‘Ek het ge-
sê: “Julle is gode” ’[d] nie? **35** As
hy dié teen wie die woord van
God gekom het, ‘gode’[e] genoem
het, en die Skrif kan tog nie nie-
tig verklaar word nie,[f] **36** sê
julle dan vir my wat deur die
Vader geheilig en in die wêreld
ingestuur is: ‘Jy laster’, omdat
ek gesê het: Ek is God se Seun?[g]
**37** As ek nie die werke[h] van
my Vader doen nie, moet my
dan nie glo nie. **38** Maar as ek
dit wel doen, glo dan die wer-
ke,[i] al glo julle my nie, sodat jul-
le te wete kan kom en kan bly
weet dat die Vader in eenheid
met my en ek in eenheid met
die Vader is.”[j] **39** Daarom het
hulle hom weer gevange pro-
beer neem;[k] maar hy het buite
hulle bereik gekom.[l]

**40** Toe het hy weer oor die
Jordaan gegaan, na die plek
waar Johannes eers gedoop
het,[m] en hy het daar gebly.
**41** En baie mense het na hom
toe gekom, en hulle het begin
sê: “Johannes het wel nie ’n en-
kele teken gedoen nie, maar al-
les wat Johannes oor hier-
die man gesê het, was waar.”[n]
**42** En baie het daar geloof in
hom gestel.[o]

**11** En daar was ’n sekere
man siek, La′sarus van
Beta′nië, van die dorpie van
Maria en van haar suster Mar-
ta.[p] **2** Dit was trouens die Ma-
ria wat die Here met welrie-
kende olie[q] gesalf en sy voete
met haar hare afgedroog het,[r]
wie se broer La′sarus siek was.
**3** Daarom het sy susters hom
laat weet en gesê: “Here, kyk!
die een vir wie u geneentheid
het,[a] is siek.” **4** Maar toe Je-
sus dit hoor, het hy gesê: “Hier-
die siekte het nie die dood ten
doel nie, maar is tot die heerlik-
heid van God,[b] sodat die Seun
van God daardeur verheerlik
kan word.”

**5** En Jesus het Marta en
haar suster en La′sarus liefge-
had. **6** Maar toe hy hoor dat
hy siek is, het hy tog nog twee
dae op die plek gebly waar hy
was. **7** Toe het hy hierna vir
die dissipels gesê: “Laat ons
weer na Jude′a gaan.” **8** Die
dissipels het vir hom gesê:
“Rabbi,[c] onlangs nog wou die
Judeërs u stenig,[d] en gaan u
weer daarheen?” **9** Jesus het
geantwoord: “Daar is twaalf
uur daglig, nie waar nie? As
iemand in die daglig[e] wandel,
stamp hy teen niks nie, omdat
hy die lig van hierdie wêreld
sien. **10** Maar as iemand in
die nag[f] wandel, stamp hy teen
iets, omdat die lig nie in hom is
nie.”

**11** Hy het hierdie dinge ge-
sê, en hierna het hy vir hul-
le gesê: “La′sarus, ons vriend,
het gaan rus, maar ek reis
daarheen om hom uit die slaap
wakker te maak.”[g] **12** Daar-
om het die dissipels vir hom ge-
sê: “Here, as hy gaan rus het,
sal hy gesond word.” **13** Jesus
het egter van sy dood gepraat.
Maar hulle het gedink dat hy
van die rus van die slaap praat.
**14** Toe het Jesus dus reguit vir
hulle gesê: “La′sarus het ge-
sterf,[h] **15** en om julle onthal-
we is ek bly dat ek nie daar was
nie, sodat julle kan glo. Maar
laat ons na hom toe gaan.”
**16** Daarom het Tomas, wat Die
Tweeling genoem is, vir sy me-
dedissipels gesê: “Laat ons ook

**HFST. 10**
a Le 24:16; Mt 9:3; Mt 26:65
b Joh 5:18; Flp 2:6
c Joh 15:25
d Ps 82:6; 1Ko 8:5
e Ps 82:1
f Mt 5:17; Lu 16:17
g Lu 1:35; Joh 5:18
h Joh 5:36
i Joh 14:10
j Joh 17:21
k Joh 7:30
l Lu 4:30
m Joh 1:28
n Joh 1:29; Joh 3:30
o Joh 8:30; Joh 11:45

**HFST. 11**
p Lu 10:38
q Mt 26:7; Mr 14:3; Joh 12:3
r Lu 7:38

**Tweede kol.**
a Joh 11:36
b Joh 9:3
c Joh 1:38
d Joh 8:59; Joh 10:31
e Joh 9:4
f Jes 5:20; Joh 12:35; 1Jo 2:11
g Ps 13:3; Mt 9:24; Han 7:60; 1Ko 15:6; 1Ko 15:51
h Pr 9:5

gaan, sodat ons saam met hom
kan sterf."[a]
**17** Toe Jesus daar aankom,
het hy gevind dat hy reeds vier
dae in die gedenkgraf was.[b]
**18** En Beta′nië was naby Jeru-
salem, ’n afstand van omtrent
drie kilometer daarvandaan.
**19** En baie van die Jode het na
Marta en Maria toe gekom om
hulle oor hulle broer te troos.[c]
**20** Toe Marta dan hoor dat Je-
sus kom, het sy hom tegemoet-
gegaan; maar Maria[d] het by
die huis bly sit. **21** Marta het
toe vir Jesus gesê: "Here, as u
hier was, sou my broer nie ge-
sterf het nie.[e] **22** En tog weet
ek selfs nou dat alles wat u van
God vra,[f] God vir u sal gee."
**23** Jesus het vir haar gesê: "Jou
broer sal opstaan."[g] **24** Mar-
ta het vir hom gesê: "Ek weet
dat hy in die opstanding[h] op die
laaste dag sal opstaan." **25** Je-
sus het vir haar gesê: "Ek is die
opstanding en die lewe.[i] Wie ge-
loof in my beoefen, sal lewend
word, selfs al sterf hy;[j] **26** en
elkeen wat lewe en geloof in my
beoefen, sal nóóit sterf nie.[k] Glo
jy dit?" **27** Sy het vir hom ge-
sê: "Ja, Here; ek het geglo dat
u die Christus is, die Seun van
God, die Een wat in die wêreld
inkom."[l] **28** En toe sy dit gesê
het, het sy weggegaan en haar
suster Maria geroep en stille-
tjies gesê: "Die Leermeester[m] is
hier en hy roep jou." **29** Toe
laasgenoemde dit hoor, het sy
gou opgestaan en na hom toe
gegaan.
**30** Jesus het in werklikheid
nog nie in die dorpie ingekom
nie, maar hy was nog op die
plek waar Marta hom ontmoet
het. **31** Toe die Jode wat saam
met Maria in die huis was[n]
en haar getroos het, sien dat
sy vinnig opstaan en uitgaan,
het hulle haar gevolg, in die
veronderstelling dat sy na die
gedenkgraf[a] gaan om daar te
huil. **32** En toe Maria aankom
waar Jesus was en hom sien,
het sy voor sy voete neerge-
val en vir hom gesê: "Here,
as u hier was, sou my broer nie
gesterf het nie."[b] **33** Toe Je-
sus haar dan sien huil en die
Jode wat saam met haar ge-
kom het, sien huil, het hy in
die gees gekreun en verontrus
geword;[c] **34** en hy het gesê:
"Waar het julle hom neergelê?"
Hulle het vir hom gesê: "Here,
kom kyk." **35** Jesus het trane
gestort.[d] **36** Daarom het die
Jode begin sê: "Kyk watter ge-
neentheid het hy vir hom ge-
had!"[e] **37** Maar party van hul-
le het gesê: "Kon hierdie man
wat die oë[f] van die blinde man
geopen het, nie verhoed het dat
dié een sterf nie?"
**38** Jesus het derhalwe, na-
dat hy weer in homself gekreun
het, by die gedenkgraf[g] ge-
kom. Dit was in werklikheid
’n grot, en ’n klip[h] het daar-
teen gelê. **39** Jesus het ge-
sê: "NEEM die klip[i] weg." Mar-
ta, die suster van die oorledene,
het vir hom gesê: "Here, hy
moet nou al ruik, want dit is
vier dae." **40** Jesus het vir
haar gesê: "Het ek nie vir jou
gesê dat jy die heerlikheid van
God sal sien as jy glo nie?"[j]
**41** Toe het hulle die klip weg-
geneem. En Jesus het sy oë
na die hemel opgeslaan[k] en ge-
sê: "Vader, ek dank u dat u
my verhoor het.[l] **42** Ek het
weliswaar geweet dat u my al-
tyd verhoor; maar weens die
skare[m] wat rondom staan, het
ek gespreek, sodat hulle kan
glo dat u my uitgestuur het."[n]
**43** En toe hy hierdie dinge gesê
het, het hy met ’n harde stem

**HFST. 11**
a Joh 11:8
b Mt 8:28; Joh 5:28
c 1Kr 7:22; Job 2:11
d Lu 10:39
e Joh 11:32
f Joh 9:31
g 1Te 4:14
h Jes 26:19; Da 12:2; Joh 5:29; Han 24:15; Heb 11:35; Op 20:12
i Joh 1:4; Joh 14:6; Kol 3:4; 1Jo 1:2; Op 1:18
j Joh 5:24
k Joh 8:51
l Mal 3:1; Joh 4:42; Joh 6:14
m Mt 23:8; Joh 13:13
n Joh 11:19

**Tweede kol.**
a Joh 11:17
b Joh 11:21
c Joh 13:21
d Lu 19:41; Ro 12:15; Heb 4:15
e Joh 11:3
f Joh 9:6
g Mt 8:28; Joh 5:28
h Mt 27:60; Mr 15:46
i Mr 16:3; Joh 20:1
j Joh 9:3
k Mt 14:19; Mr 7:34
l 1Jo 5:14
m Joh 12:30
n Joh 6:29; Joh 17:8

uitgeroep: “La′sarus, kom uit!”[a]
**44** Die man wat dood was, het
uitgekom, met sy voete en han-
de met grafdoeke gebind,[b] en
sy gesig was met ’n doek toe-
gedraai. Jesus het vir hulle ge-
sê: “Maak hom los en laat hom
gaan.”

**45** Toe het baie van die Jode
wat na Maria toe gekom en aan-
skou het wat hy gedoen het, ge-
loof in hom gestel;[c] **46** maar
party van hulle het na die Fa-
riseërs toe gegaan en vir hul-
le die dinge vertel wat Jesus ge-
doen het.[d] **47** Gevolglik het
die hoofpriesters en die Fari-
seërs die San′hedrin[e] byme-
kaargeroep en begin sê: “Wat
moet ons doen, want hierdie
man doen baie tekens?[f] **48** As
ons hom so laat begaan, sal hul-
le almal geloof in hom stel,[g]
en die Romeine[h] sal kom en
ons plek[i] sowel as ons nasie
wegneem.” **49** Maar een van
hulle, Ka′jafas, wat daardie
jaar hoëpriester was,[j] het vir
hulle gesê: “Julle weet hoege-
naamd niks, **50** en julle dink
nie daaraan dat dit tot julle
voordeel is dat een mens vir die
volk sterf[k] en nie die hele nasie
vernietig word nie.”[l] **51** Dit
het hy egter nie uit homself
gesê nie; maar omdat hy daar-
die jaar hoëpriester was, het
hy geprofeteer dat Jesus be-
stem was om vir die nasie te
sterf, **52** en nie net vir die
nasie nie, maar sodat hy ook
die kinders van God wat ver-
strooi is,[m] tot een bymekaar sou
bring.[n] **53** Daarom het hulle
van daardie dag af beraadslaag
om hom dood te maak.[o]

**54** Jesus het derhalwe nie
meer in die openbaar[p] onder die
Jode[q] rondgegaan nie, maar hy
het daarvandaan na die land-
streek naby die wildernis ver-
trek, na ’n stad wat E′fraim[a] ge-
noem word, en daar het hy saam
met die dissipels gebly. **55** En
die pasga[b] van die Jode was na-
by, en baie mense het voor die
pasga uit die platteland na Je-
rusalem opgegaan om hulle se-
remonieel te reinig.[c] **56** Daar-
om het hulle Jesus gaan soek,
en terwyl hulle in die tempel
rondgestaan het, het hulle vir
mekaar gesê: “Wat is julle me-
ning? Dat hy glad nie na die
fees sal kom nie?” **57** En die
hoofpriesters en die Fariseërs
het bevel gegee dat as iemand
te wete kom waar hy is, hy dit
moet onthul, sodat hulle hom
gevange kan neem.

**12** En Jesus het ses dae voor
die pasga in Beta′nië[d]
aangekom, waar La′sarus[e] was,
wat Jesus uit die dode opge-
wek het. **2** Daarom het hul-
le daar vir hom ’n aandete ge-
gee, en Marta[f] het bedien,[g]
maar La′sarus was een van dié
wat saam met hom aan tafel
was.[h] **3** Maria het toe ’n pond
welriekende olie geneem, egte
nardus,[i] baie kosbaar, en sy
het die voete van Jesus gesalf
en sy voete met haar hare af-
gedroog.[j] Die huis is gevul met
die geur van die welriekende
olie. **4** Maar Judas Iska′riot,[k]
een van sy dissipels, wat op die
punt gestaan het om hom te
verraai, het gesê: **5** “Waarom
is hierdie welriekende olie[l] nie
vir driehonderd dena′rii ver-
koop en vir die armes[m] gegee
nie?” **6** Hy het dit egter nie
gesê omdat hy oor die armes be-
sorg was nie, maar omdat hy ’n
dief[n] was en die geldkissie ge-
had het[o] en die geld wegge-
dra het wat daarin gesit is.
**7** Daarom het Jesus gesê: “Laat
staan haar, sodat sy hierdie

**HFST. 11**
a Lu 7:14
b Mt 27:59; Joh 20:7
c Joh 2:23; Joh 10:42; Joh 12:11
d Lu 16:31
e Ps 2:2
f Nu 14:11; Joh 7:31; Joh 12:37; Han 4:16
g Joh 12:19
h Da 9:26; Han 28:17
i Mt 24:15; Han 6:13
j Mt 26:3; Lu 3:2; Han 4:6
k Joh 18:14
l Lu 2:34
m Jes 49:6; Jak 1:1; 1Jo 2:2
n Joh 17:21; Ga 3:28; Ef 2:14; Ef 3:6
o Mt 26:4; Mt 26:59; Joh 5:18
p Mt 10:23; Han 12:17
q Joh 7:1

**Tweede kol.**
a 2Sa 13:23; 2Kr 13:19
b Eks 12:14; De 16:1; Joh 2:13; Joh 5:1; Joh 6:4; Joh 12:1
c 2Kr 30:17

**HFST. 12**
d Mr 11:1
e Joh 11:1; Joh 11:43
f Lu 10:40
g Mt 27:55; Mr 15:41
h Mt 26:6; Mr 14:3
i Hgl 1:12; Mt 26:7
j Lu 7:38; Joh 11:2
k Mt 26:47; Mr 14:10; Lu 22:48; Joh 13:29; Han 1:16
l Mt 26:8; Mr 14:4; Lu 7:46
m Mt 19:21; Mr 14:5
n Eks 20:15; Spr 26:25
o Joh 13:29

gebruik kan onderhou met die oog op die dag van my begrafnis.[a] **8** Want julle het die armes[b] altyd by julle, maar vir my sal julle nie altyd hê nie."

**9** En 'n groot menigte van die Jode het te wete gekom dat hy daar is, en hulle het gekom, nie net weens Jesus nie, maar ook om La′sarus te sien, wat hy uit die dode opgewek het.[c] **10** Die hoofpriesters het toe beraadslaag om ook La′sarus dood te maak,[d] **11** want weens hom het baie van die Jode daarheen gegaan en geloof in Jesus gestel.[e]

**12** Die volgende dag het die groot skare wat na die fees gekom het, toe hulle hoor dat Jesus na Jerusalem kom, **13** die takke van palmbome[f] geneem en uitgegaan om hom te ontmoet. En hulle het begin uitroep:[g] "Red tog![h] Geseënd is hy wat in Jehovah se naam kom,[i] ja, die koning[j] van Israel!" **14** Toe Jesus egter 'n jong esel[k] gevind het, het hy daarop gaan sit, net soos daar geskrywe staan: **15** "Moenie vrees nie, dogter van Sion. Kyk! Jou koning kom,[l] en hy sit op die hingsvul van 'n esel."[m] **16** Sy dissipels het eers geen ag op hierdie dinge geslaan nie,[n] maar toe Jesus verheerlik is,[o] het hulle onthou dat hierdie dinge van hom geskrywe was en dat hulle hierdie dinge aan hom gedoen het.[p]

**17** En die skare wat saam met hom was toe hy La′sarus[q] uit die gedenkgraf geroep en hom uit die dode opgewek het, het aangehou om te getuig.[r] **18** Daarom het die skare hom ook tegemoetgegaan, omdat hulle gehoor het dat hy hierdie teken gedoen het.[s] **19** Die Fariseërs[t] het dus onder mekaar gesê: "Julle sien dat julle absoluut niks bereik nie. Kyk! Die wêreld het agter hom aan geloop."[a]

**20** En daar was 'n paar Grieke[b] onder dié wat opgekom het om by die fees te aanbid. **21** Hulle dan het na Filippus[c] toe gegaan wat van Betsai′da in Galile′a was, en hulle het hom begin versoek en gesê: "Meneer, ons wil Jesus sien."[d] **22** Filippus het gekom en dit vir Andre′as vertel. Andre′as en Filippus het gekom en dit vir Jesus vertel.

**23** Maar Jesus het hulle geantwoord en gesê: "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word.[e] **24** Voorwaar, voorwaar, ek sê vir julle: Tensy 'n koringkorrel in die grond val en sterf, bly dit net een korrel; maar as dit sterf,[f] dan dra dit veel vrug. **25** Hy wat lief is vir sy siel, vernietig dit, maar hy wat sy siel in hierdie wêreld haat,[g] sal dit vir die ewige lewe beveilig.[h] **26** As iemand my wil dien, moet hy my volg, en waar ek is, daar sal my dienaar ook wees.[i] As iemand my wil dien, sal die Vader hom eer.[j] **27** Nou is my siel verontrus,[k] en wat sal ek sê? Vader, red my uit hierdie uur.[l] Nietemin is dit waarom ek tot in hierdie uur gekom het. **28** Vader, verheerlik u naam." Daarom het 'n stem[m] uit die hemel gekom: "Ek het dit verheerlik en sal dit weer verheerlik."[n]

**29** Die skare wat daar gestaan en dit gehoor het, het derhalwe begin sê dat dit gedonder het. Ander het begin sê: "'n Engel het met hom gepraat." **30** Jesus het geantwoord en gesê: "Hierdie stem het nie om my onthalwe gekom

**HFST. 12**
a Mt 26:12, Mr 14:8, Joh 19:40
b De 15:11, Mt 26:11, Mr 14:7
c Joh 11:43
d Spr 1:16, Lu 16:31
e Joh 7:31, Joh 11:45
f Mt 21:8, Mr 11:8, Op 7:9
g Mt 21:9, Mr 11:9
h Ps 118:25
i Ps 118:26
j Joh 1:49
k 1Kn 1:33, Mt 21:7, Mr 11:7, Lu 19:35
l 1Kn 1:34
m Sag 9:9
n Lu 18:34
o Joh 7:39
p Lu 24:45, Joh 14:26
q Joh 11:1, Joh 11:43
r Mt 21:15, Lu 19:37
s Joh 4:54
t Lu 19:39

**Tweede kol.**
a Joh 3:26, Joh 11:48, Han 5:28
b Han 17:4
c Joh 1:44
d Lu 19:3, Lu 23:8
e Joh 13:32, Joh 17:1
f Mt 16:21, Ro 14:9, 1Ko 15:36
g Mt 10:28, Op 12:11
h Mt 16:25, Mr 8:35, Lu 9:24
i Joh 14:3, Joh 17:24, 1Te 4:17
j 1Sa 2:30, Spr 27:18
k Ps 6:3, Mt 26:38, Mr 14:34
l Lu 12:50, Lu 22:42, Heb 5:7
m Mt 3:17, Mt 17:5, Mr 1:11, Mr 9:7, Lu 3:22, Lu 9:35, 2Pe 1:17
n Joh 17:1

nie, maar om julle onthalwe.[a]
**31** Nou vind daar ’n oordeel
van hierdie wêreld plaas; nou
sal die heerser van hierdie wê-
reld[b] uitgewerp word.[c] **32** En
tog sal ek, as ek van die aarde
opgehef word,[d] alle soorte men-
se na my toe trek.”[e] **33** Dit
het hy in werklikheid gesê om
aan te dui watter soort dood
hy weldra sou sterf.[f] **34** Daar-
om het die skare hom geant-
woord: “Ons het uit die Wet ge-
hoor dat die Christus vir ewig
bly;[g] en hoe is dit dat u sê dat
die Seun van die mens opge-
hef moet word?[h] Wie is hierdie
Seun van die mens?”[i] **35** Je-
sus het dus vir hulle gesê: “Die
lig sal nog ’n klein rukkie on-
der julle wees. Wandel terwyl
julle die lig het, sodat duister-
nis[j] julle nie oorweldig nie; en
hy wat in die duisternis wan-
del, weet nie waarheen hy gaan
nie.[k] **36** Terwyl julle die lig
het, moet julle geloof in die lig
beoefen, sodat julle kinders van
die lig kan word.”[l]

Jesus het hierdie dinge gesê
en weggegaan en hom vir hulle
verberg. **37** Maar hoewel hy
so baie tekens voor hulle ge-
doen het, het hulle nie geloof in
hom gestel nie, **38** sodat die
woord van die profeet Jesaja
vervul is wat hy gespreek het:
“Jehovah, wie het geloof gestel
in wat ons gehoor het?[m] En
wat die arm van Jehovah be-
tref, aan wie is dit geopen-
baar?”[n] **39** Die rede waarom
hulle nie kon glo nie, is dat Je-
saja ook gesê het: **40** “Hy het
hulle oë verblind en hy het
hulle hart verhard,[o] sodat hul-
le nie met hulle oë sou sien
en met hulle hart die gedag-
te sou verstaan en sou om-
draai en ek hulle sou genees
nie.”[p] **41** Jesaja het hierdie
dinge gesê omdat hy sy heerlik-
heid gesien het,[a] en hy het van
hom gepraat. **42** Nogtans het
selfs baie van die heersers ge-
loof in hom gestel,[b] maar weens
die Fariseërs het hulle hom nie
bely nie, om nie uit die sinagoge
geban te word nie;[c] **43** want
hulle het die heerlikheid van
mense liewer gehad as selfs die
heerlikheid van God.[d]

**44** Jesus het egter uitgeroep
en gesê: “Hy wat geloof in my
stel, stel nie net in my geloof
nie, maar ook in hom wat my
gestuur het;[e] **45** en hy wat
my aanskou, aanskou ook hom
wat my gestuur het.[f] **46** Ek
het as ’n lig in die wêreld inge-
kom,[g] sodat elkeen wat geloof
in my stel, nie in die duis-
ternis sal bly nie.[h] **47** Maar
as iemand my woorde hoor en
hulle nie nakom nie, oordeel
ek hom nie; want ek het ge-
kom, nie om die wêreld te oor-
deel nie,[i] maar om die wêreld
te red.[j] **48** Hy wat my veront-
agsaam en my woorde nie aan-
neem nie, het een om hom te
oordeel. Die woord[k] wat ek ge-
spreek het, dit sal hom in die
laaste dag oordeel; **49** want
ek het nie op eie ingewing ge-
spreek nie, maar die Vader wat
my gestuur het, het vir my ’n
gebod gegee oor wat om te sê
en wat om te spreek.[l] **50** Ook
weet ek dat sy gebod die ewige
lewe beteken.[m] Die dinge wat
ek dan spreek—net soos die Va-
der hulle vir my gesê het, so
spreek ek hulle.”[n]

**13** En omdat Jesus voor die
fees van die pasga ge-
weet het dat sy uur gekom het[o]
om uit hierdie wêreld na die Va-
der toe te gaan,[p] het hy, wat dié
liefgehad het wat syne was en
wat in die wêreld was,[q] hulle tot

**HFST. 12**
a Joh 11:42
b Joh 14:30; Joh 16:11; Han 26:18; 2Ko 4:4; Ef 2:2; 1Jo 5:19
c Lu 10:18; Op 12:9
d Joh 8:28
e Ro 5:18; Heb 2:9
f Joh 18:32; Han 5:30
g Ps 89:36; Ps 110:4; Jes 9:7
h Joh 3:14; Joh 20:9
i Da 7:13
j Jer 13:16
k Joh 11:10
l Ef 5:8
m Ro 10:16
n Jes 53:1
o Eks 4:21
p Jes 6:10; Mt 13:14; Mr 4:12; Han 28:27

**Tweede kol.**
a Jes 6:1
b Joh 19:38
c Spr 29:25; Joh 7:13; Joh 9:22; Joh 16:2
d Joh 5:44; Ro 2:29
e Mt 10:40; Mr 9:37; 1Pe 1:21
f Joh 14:9
g Joh 3:19; Joh 8:12; Joh 9:5
h Joh 12:35
i Joh 3:17; Joh 5:45; Joh 8:15
j Joh 3:16
k De 18:19
l De 18:18; Joh 8:38; Joh 14:10
m Joh 6:40; Joh 17:2
n Joh 3:34

**HFST. 13**
o Mt 26:2; Joh 12:23; Joh 17:1
p Joh 16:28; Joh 17:11
q Joh 15:9; Joh 17:9; Ga 2:20; Ef 5:2; 1Jo 3:16

die einde toe liefgehad. **2** Ter-
wyl die aandmaal dan aan die
gang was en die Duiwel dit
reeds in die hart van Judas Is-
ka′riot,[a] die seun van Simon,
gegee het om hom te verraai,[b]
**3** het hy, omdat hy geweet het
dat die Vader alles in sy han-
de gegee het[c] en dat hy van
God uitgegaan het en na God
toe gaan,[d] **4** van die aand-
maal opgestaan en sy boklere
eenkant gesit. En hy het ’n
handdoek geneem en om hom
vasgemaak.[e] **5** Daarna het hy
water in ’n kom gegooi en begin
om die voete van die dissipels
te was[f] en dit af te droog met
die handdoek wat hy omgehad
het. **6** En toe het hy by Si-
mon Petrus gekom. Hy het vir
hom gesê: “Here, was u my voe-
te?”[g] **7** Jesus het geantwoord
en vir hom gesê: “Wat ek doen,
verstaan jy nie nou nie, maar
ná hierdie dinge sal jy ver-
staan.”[h] **8** Petrus het vir hom
gesê: “U sal so nimmer aste
nooit my voete was nie.” Jesus
het hom geantwoord: “Tensy ek
jou was,[i] het jy geen deel met
my nie.” **9** Simon Petrus het
vir hom gesê: “Here, nie net my
voete nie, maar ook my hande
en my kop.” **10** Jesus het vir
hom gesê: “Hy wat gebad het,[j]
het nie nodig dat meer as sy
voete gewas word nie, maar is
heeltemal skoon. En julle is
skoon, maar nie almal nie.”
**11** Hy het inderdaad die man
geken wat hom verraai.[k] Daar-
om het hy gesê: “Julle is nie al-
mal skoon nie.”

**12** En toe hy hulle voete
gewas en sy boklere aange-
trek en weer aan tafel gegaan
het, het hy vir hulle gesê: “Weet
julle wat ek aan julle gedoen
het? **13** Julle spreek my aan
as ‘Leermeester’[l] en ‘Here’,[m]
en julle sê dit tereg, want ek
is dit.[a] **14** As ek dan, hoe-
wel Here en Leermeester, julle
voete gewas het,[b] behoort jul-
le ook mekaar se voete te
was.[c] **15** Want ek het vir jul-
le die voorbeeld gestel, dat jul-
le, net soos ek aan julle gedoen
het, ook moet doen.[d] **16** Voor-
waar, voorwaar, ek sê vir jul-
le: ’n Slaaf is nie groter as
sy heer nie, en ook is iemand
wat uitgestuur is, nie groter as
die een wat hom gestuur het
nie.[e] **17** As julle hierdie dinge
weet, gelukkig is julle as jul-
le dit doen.[f] **18** Ek praat nie
van julle almal nie; ek ken dié
wat ek uitgekies het.[g] Maar dit
is sodat die Skrifgedeelte ver-
vul kan word:[h] ‘Hy wat hom
met my brood gevoed het, het
sy hakskeen teen my opgelig.’[i]
**19** Van hierdie oomblik af ver-
tel ek dit vir julle voordat dit
gebeur,[j] sodat wanneer dit ge-
beur, julle kan glo dat dit ek is.
**20** Voorwaar, voorwaar, ek sê
vir julle: Hy wat iemand ont-
vang wat ek stuur, ontvang my
ook.[k] En hy wat my ontvang,
ontvang ook hom wat my ge-
stuur het.”[l]

**21** Nadat Jesus hierdie dinge
gesê het, het hy verontrus ge-
word in die gees, en hy het ge-
tuig en gesê: “Voorwaar, voor-
waar, ek sê vir julle: Een van
julle sal my verraai.”[m] **22** Die
dissipels het na mekaar begin
kyk, nie seker van watter een
hy dit gesê het nie.[n] **23** Een
van Jesus se dissipels het voor
sy bors gelê, en Jesus het hom
liefgehad.[o] **24** Simon Petrus
het dus vir hom geknik en vir
hom gesê: “Sê wie dit is van wie
hy dit sê.” **25** Toe het laasge-
noemde teen Jesus se bors te-
ruggeleun en vir hom gesê:
“Here, wie is dit?”[p] **26** Daarop

**HFST. 13**

a Mt 15:19; Lu 22:3; Joh 13:27; Han 1:25
b Mt 26:16; Mt 26:24; Mr 14:11
c Mt 11:27; Han 2:36; 1Ko 15:27; Heb 2:8
d Joh 16:28
e Flp 2:7
f Ge 18:4; Lu 7:44
g Lu 9:48; 1Pe 5:3
h Joh 13:12
i Ps 51:2; 1Ko 6:11; Ef 5:26; Tit 3:5; Heb 10:22
j 2Ko 7:1; Ef 4:22
k Joh 6:64
l Joh 1:38
m Lu 2:11; Han 10:36

**Tweede kol.**

a Mt 23:8; 1Ko 8:6; Flp 2:11
b Lu 22:27
c Mt 20:26; Lu 9:48; Lu 22:26; Ro 12:10; Ga 5:13; 1Pe 5:5
d Mt 23:3; Flp 2:5; 1Pe 2:21; 1Jo 2:6
e Mt 10:24; Lu 6:40; Joh 15:20
f Mt 7:24; Lu 11:28; Jak 1:25
g Joh 15:16; Ef 1:4; 2Te 2:13; 2Ti 2:10
h Joh 17:12
i Ps 41:9; Mt 26:23
j Mt 24:25; Joh 14:29; Joh 16:4
k Mt 22:3; Ga 4:14
l Mt 10:40; Mt 25:40
m Mt 26:21; Mr 14:18; Lu 22:21; Joh 6:70; Han 1:16
n Mt 26:22; Lu 22:23
o Joh 19:26; Joh 20:2
p Joh 21:20

het Jesus geantwoord: “Dit is
dié een vir wie ek die stukkie
sal gee wat ek doop.”[a] En na-
dat hy die stukkie gedoop het,
het hy dit geneem en vir Ju-
das, die seun van Simon Iska′ri-
ot, gegee. **27** En nadat laasge-
noemde die stukkie geneem
het, het Satan in hom inge-
vaar.[b] Toe het Jesus vir hom ge-
sê: “Wat jy doen, doen dit nog
gouer.” **28** Niemand van dié
wat aan tafel was, het egter ge-
weet met watter doel hy dit vir
hom gesê het nie. **29** Aange-
sien Judas die geldkissie gehad
het,[c] het party in werklikheid
gedink dat Jesus vir hom sê:
“Koop wat ons nodig het vir die
fees”, of dat hy iets vir die ar-
mes moes gee.[d] **30** Nadat hy
die stukkie ontvang het, het hy
onmiddellik uitgegaan. En dit
was nag.[e]

**31** En toe hy uitgegaan het,
het Jesus gesê: “Nou word die
Seun van die mens verheerlik,[f]
en God word in verband met
hom verheerlik. **32** En God
self sal hom verheerlik,[g] en hy
sal hom onmiddellik verheer-
lik. **33** Kindertjies,[h] ek is nog
’n rukkie by julle. Julle sal my
soek; en net soos ek vir die Jode
gesê het: ‘Waarheen ek gaan,
kan julle nie kom nie’,[i] sê ek
ook nou vir julle. **34** Ek gee
julle ’n nuwe gebod, dat julle
mekaar moet liefhê; net soos ek
julle liefgehad het,[j] moet julle
ook mekaar liefhê.[k] **35** Hier-
aan sal almal weet dat julle my
dissipels is, as julle liefde onder
mekaar het.”[l]

**36** Simon Petrus het vir hom
gesê: “Here, waarheen gaan u?”
Jesus het geantwoord: “Waar-
heen ek gaan, kan jy my nie
nou volg nie, maar jy sal la-
ter volg.”[m] **37** Petrus het vir
hom gesê: “Here, waarom kan
ek u nie nou volg nie? Ek sal om
u onthalwe van my siel afstand
doen.”[a] **38** Jesus het geant-
woord: “Sal jy om my onthalwe
van jou siel afstand doen? Voor-
waar, voorwaar, ek sê vir jou: ’n
Haan sal beslis nie kraai voor-
dat jy my drie keer verloën het
nie.”[b]

**14** “Moenie dat julle hart
verontrus word nie.[c] Be-
oefen geloof in God,[d] beoefen
geloof ook in my.[e] **2** In die
huis van my Vader is daar baie
wonings.[f] Anders sou ek vir jul-
le gesê het, want ek gaan om vir
julle ’n plek[g] te berei. **3** En as
ek gaan en vir julle ’n plek be-
rei, kom ek weer[h] en sal julle
tuis ontvang by my,[i] sodat jul-
le ook kan wees waar ek is.[j]
**4** En waarheen ek gaan, ken
julle die weg.”

**5** Tomas[k] het vir hom gesê:
“Here, ons weet nie waarheen
u gaan nie.[l] Hoe ken ons die
weg?”

**6** Jesus het vir hom gesê:
“Ek is die weg[m] en die waar-
heid[n] en die lewe.[o] Niemand
kom na die Vader behalwe deur
my nie.[p] **7** As julle my geken
het, sou julle ook my Vader ge-
ken het; van hierdie oomblik af
ken julle hom en het julle hom
gesien.”[q]

**8** Filippus het vir hom gesê:
“Here, toon ons die Vader, en
dit is vir ons genoeg.”

**9** Jesus het vir hom gesê:
“Was ek so ’n lang tyd by jul-
le, en tog het jy my nie leer ken
nie, Filippus? Hy wat my ge-
sien het, het ook die Vader ge-
sien.[r] Hoe is dit dan dat jy sê:
‘Toon ons die Vader’?[s] **10** Glo
jy nie dat ek in eenheid met
die Vader en die Vader in een-
heid met my is nie?[t] Die dinge

**HFST. 13**
a Mt 26:23
b Ps 109:6; Lu 22:3
c Joh 12:6
d Mt 19:21
e Mt 26:20
f Joh 12:23; Joh 14:13
g Joh 7:39; Joh 17:1
h Heb 2:13
i Joh 7:34; Joh 8:21
j Joh 15:9; Ef 5:2
k Le 19:18; Joh 15:12; 1Te 4:9; Jak 2:8; 1Pe 1:22; 1Jo 3:14
l Ro 13:8; 1Ko 13:8; Ga 6:2; 1Jo 4:20
m Joh 14:3; 2Pe 1:14; Op 14:4

**Tweede kol.**
a Mt 26:33; Mr 14:29; Lu 22:33
b Mt 26:34; Mr 14:30; Lu 22:34; Joh 18:27

**HFST. 14**
c Joh 14:27
d Mr 11:22; 1Pe 1:21
e Ef 1:13
f Lu 16:9
g Lu 12:32; Kol 1:5; 1Pe 1:4
h Han 1:11
i Joh 17:24; Ro 8:17; 1Ko 15:23; Flp 1:23; 1Te 4:16; 2Ti 4:8; Heb 10:19
j 1Te 4:17
k Joh 11:16
l Joh 13:36
m Joh 10:9; Ro 5:2; Ef 2:18; Heb 10:20
n Joh 1:17; Ro 15:8; Ef 4:21; Kol 2:17
o Joh 1:4; Joh 6:63; Joh 17:3; Ro 6:23; Op 2:10
p Han 4:12
q Mt 11:27; Joh 1:18; Joh 8:19; 1Jo 4:12
r Joh 5:19; Joh 8:28; Kol 1:15; Heb 1:3

s Joh 12:45; t Joh 10:38; Joh 17:21.

wat ek vir julle sê, sê ek nie
uit myself nie; maar die Va-
der wat in eenheid met my bly,
doen sy werke.[a] **11** Glo my
dat ek in eenheid met die Va-
der en die Vader in eenheid met
my is; of anders, glo op grond
van die werke self.[b] **12** Voor-
waar, voorwaar, ek sê vir julle:
Hy wat geloof in my beoefen, hy
sal ook self die werke doen wat
ek doen; en hy sal groter werke[c]
as dié doen, want ek gaan na
die Vader toe.[d] **13** En wat jul-
le ook al in my naam vra, dit sal
ek doen, sodat die Vader in ver-
band met die Seun verheerlik
kan word.[e] **14** As julle enig-
iets in my naam vra, sal ek dit
doen.

**15** "As julle my liefhet, sal
julle my gebooie bewaar;[f]
**16** en ek sal die Vader versoek,
en hy sal julle 'n ander hel-
per gee om vir ewig by julle
te wees,[g] **17** die gees van die
waarheid,[h] wat die wêreld nie
kan ontvang nie,[i] want dit sien
dit nie en ken dit ook nie. Julle
ken dit, omdat dit by julle bly en
in julle is.[j] **18** Ek sal julle nie
wees agterlaat nie.[k] Ek kom na
julle toe. **19** Nog 'n rukkie en
die wêreld sal my nie meer sien
nie,[l] maar julle sal my sien,[m]
omdat ek lewe en julle sal lewe.[n]
**20** In daardie dag sal julle weet
dat ek in eenheid met my Va-
der en julle in eenheid met my
en ek in eenheid met julle is.[o]
**21** Hy wat my gebooie het en
hulle bewaar, dit is hy wat my
liefhet.[p] En hy wat my liefhet,
hóm sal my Vader liefhê, en ek
sal hom liefhê en my duidelik
aan hom toon."

**22** Judas,[q] nie Iska'riot nie,
het vir hom gesê: "Here, wat
het gebeur dat u van plan is om
u duidelik aan ons te toon en
nie aan die wêreld nie?"[r]

**23** Jesus het geantwoord en
vir hom gesê: "As iemand my
liefhet, sal hy my woord be-
waar,[a] en my Vader sal hom
liefhê, en ons sal na hom toe
kom en ons woning by hom
maak.[b] **24** Hy wat my nie lief-
het nie, bewaar nie my woorde
nie; en die woord wat julle hoor,
is nie myne nie, maar behoort
aan die Vader wat my gestuur
het.[c]

**25** "Terwyl ek by julle gebly
het, het ek hierdie dinge vir
julle gesê. **26** Maar die hel-
per, die heilige gees, wat die
Vader in my naam sal stuur,
dié sal julle alles leer en julle
herinner aan alles wat ek jul-
le vertel het.[d] **27** Ek laat vir
julle vrede na, ek gee julle my
vrede.[e] Ek gee dit nie vir jul-
le soos die wêreld dit gee nie.
Moenie dat julle hart veront-
rus word of van vrees ineen-
krimp nie. **28** Julle het ge-
hoor dat ek vir julle gesê het:
Ek gaan weg en ek kom terug
na julle toe. As julle my liefge-
had het, sou julle bly wees
dat ek na die Vader toe gaan,
want die Vader is groter[f] as ek.
**29** En nou het ek dit vir julle
vertel voordat dit gebeur,[g] so-
dat julle, wanneer dit wel ge-
beur, kan glo. **30** Ek sal nie
veel meer met julle praat nie,
want die heerser[h] van die wê-
reld kom. En hy het geen hou-
vas op my nie,[i] **31** maar so-
dat die wêreld kan weet dat ek
die Vader liefhet, doen ek net
soos die Vader my die gebod ge-
gee het[j] om te doen. Staan op,
laat ons hiervandaan gaan.

**15** "Ek is die ware wingerd-
stok,[k] en my Vader is
die landbouer.[l] **2** Elke loot in
my wat nie vrug dra nie, neem
hy weg,[m] en elkeen wat vrug

HFST. 14

a Joh 7:16; Joh 8:28; Joh 12:49
b Joh 5:36
c Mt 21:21; Han 1:8; Han 2:41; Kol 1:23
d Han 2:33
e Joh 15:16; Joh 16:23
f Joh 13:34; Joh 15:10; Jak 1:22; 1Jo 5:3
g Lu 24:49; Joh 15:26; Joh 16:7; Han 1:5; Han 2:4; Ro 8:26
h Mt 10:20; Joh 16:13; 1Ko 2:12; 1Jo 2:27
i 1Ko 2:14
j Ga 4:6
k Mt 28:20
l Mt 23:39
m Joh 16:16; Joh 17:24
n 1Ko 15:22
o Joh 10:38; Joh 17:21
p 1Jo 2:5; 1Jo 5:1
q Lu 6:16; Han 1:13
r Joh 7:4; Han 10:41

Tweede kol.

a Joh 15:10
b 1Jo 2:24; Op 3:20
c Joh 5:19; Joh 7:16; Joh 12:49
d Lu 24:49; Joh 15:26; Joh 16:13; 1Jo 2:27
e Joh 16:33; Ef 2:14; Flp 4:7; Kol 3:15; 2Te 3:16
f Joh 20:17; 1Ko 11:3; 1Ko 15:28; Flp 2:6
g Joh 13:19; Joh 16:4
h Joh 12:31; Joh 16:11
i Joh 16:33
j Joh 10:18; Joh 12:49; Joh 15:10; Flp 2:8; 1Jo 5:3

HFST. 15

k Jes 4:2
l Ps 80:8; Jer 2:21; 1Ko 3:9
m Mt 15:13; Heb 6:8

dra, maak hy skoon,[a] sodat dit
meer vrug kan dra.[b] **3** Julle is
reeds skoon weens die woord
wat ek tot julle gespreek het.[c]
**4** Bly in eenheid met my, en ek
in eenheid met julle.[d] Net soos
die loot nie vanself vrug kan
dra tensy dit in die wingerd-
stok bly nie, so ook kan julle
nie, tensy julle in eenheid met
my bly.[e] **5** Ek is die wingerd-
stok, julle is die lote. Wie in een-
heid met my bly, en ek in een-
heid met hom, dié een dra veel
vrug;[f] want sonder my kan jul-
le hoegenaamd niks doen nie.
**6** As iemand nie in eenheid met
my bly nie, word hy as ’n loot
uitgegooi en verdroog; en die
mense maak daardie lote by-
mekaar en werp hulle in die
vuur, en hulle word verbrand.[g]
**7** As julle in eenheid met my
bly en my woorde in julle bly,
vra dan wat julle wil, en dit sal
vir julle gebeur.[h] **8** My Vader
word hierin verheerlik, dat jul-
le veel vrug bly dra en toon dat
julle my dissipels is.[i] **9** Net
soos die Vader my liefgehad[j] en
ek julle liefgehad het, moet jul-
le in my liefde bly. **10** As julle
my gebooie bewaar,[k] sal julle in
my liefde bly, net soos ek die ge-
booie van die Vader bewaar het[l]
en in sy liefde bly.

**11** “Hierdie dinge het ek vir
julle gesê, sodat my vreugde in
julle kan wees en julle vreug-
de volkome gemaak kan word.[m]
**12** Dít is my gebod, dat julle
mekaar moet liefhê net soos ek
julle liefgehad het.[n] **13** Nie-
mand het groter liefde as dít
nie, dat iemand van sy siel
afstand doen ten behoewe van
sy vriende.[o] **14** Julle is my
vriende as julle doen wat ek
julle beveel.[p] **15** Ek noem jul-
le nie meer slawe nie, omdat ’n
slaaf nie weet wat sy heer doen
nie. Maar ek het julle vrien-
de[a] genoem, omdat ek alles wat
ek by my Vader gehoor het,
aan julle bekend gemaak het.[b]
**16** Julle het my nie uitgekies
nie, maar ek het julle uitgekies,
en ek het julle aangestel om te
gaan en aan te hou vrug dra[c]
en dat julle vrug moet bly; so-
dat wat julle die Vader ook al in
my naam vra, hy dit vir julle sal
gee.[d]

**17** “Hierdie dinge beveel ek
julle, dat julle mekaar moet
liefhê.[e] **18** As die wêreld julle
haat, weet julle dat dit my ge-
haat het voor dit julle gehaat
het.[f] **19** As julle ’n deel van
die wêreld was, sou die wê-
reld lief wees vir wat syne is.[g]
En omdat julle geen deel van
die wêreld is nie,[h] maar ek jul-
le uit die wêreld uitgekies het,
daarom haat die wêreld jul-
le.[i] **20** Hou die woord wat ek
tot julle gespreek het in ge-
dagte: ’n Slaaf is nie groter as
sy heer nie. As hulle my ver-
volg het, sal hulle julle ook ver-
volg;[j] as hulle my woord bewaar
het, sal hulle julle s’n ook be-
waar. **21** Maar hulle sal julle
al hierdie dinge aandoen weens
my naam, omdat hulle hom wat
my gestuur het, nie ken nie.[k]
**22** As ek nie gekom en met
hulle gepraat het nie, sou hul-
le geen sonde hê nie;[l] maar nou
het hulle geen verskoning vir
hulle sonde nie.[m] **23** Hy wat
my haat, haat ook my Vader.[n]
**24** As ek nie die werke on-
der hulle gedoen het wat nie-
mand anders gedoen het nie,[o]
sou hulle geen sonde hê nie;[p]
maar nou het hulle my so-
wel as my Vader gesien én ge-
haat.[q] **25** Maar dit is sodat
die woord wat in hulle Wet

**HFST. 15**

**a** Ef 5:26 Tit 2:14 1Jo 1:7 1Jo 1:9
**b** 2Pe 1:8
**c** Joh 13:10 Joh 17:17 Han 15:9 1Pe 1:22
**d** Joh 6:56 1Ko 12:27 Kol 2:19
**e** Ga 2:20 Ef 2:21 1Jo 2:6
**f** Spr 11:30 Ho 14:8 Joh 15:16 Ga 5:22
**g** Ese 15:4 Mt 3:10 Ro 11:20 Heb 6:4 Heb 6:8 1Jo 2:19
**h** Mt 7:7 Joh 16:23
**i** Mt 5:16 Joh 13:35 Flp 1:11
**j** Joh 3:35
**k** Joh 13:34 Joh 14:15 1Jo 2:5
**l** Joh 8:29
**m** Joh 16:24 Joh 17:13 1Jo 1:4
**n** Mr 12:31 Joh 13:34 1Te 4:9 1Pe 4:8
**o** Joh 10:11 Ro 5:7 Ef 5:2 1Jo 3:16
**p** Mt 12:50 Joh 14:23

**Tweede kol.**

**a** Lu 12:4
**b** Han 20:27
**c** Mt 28:19 Ro 1:13 Flp 1:22
**d** Joh 14:13
**e** Joh 13:34 1Jo 3:23
**f** Mt 10:22 Lu 19:14 Joh 17:14 1Jo 3:13
**g** 1Jo 4:5
**h** Joh 17:14 Jak 4:4
**i** Lu 6:22 1Pe 4:4
**j** Mt 5:11 Mt 10:22 Mt 24:9 2Ti 3:12 1Pe 2:21
**k** Joh 16:3
**l** Joh 9:41
**m** Mt 11:21 Ro 1:20 Jak 4:17
**n** Joh 5:23 1Jo 2:23
**o** Mt 11:23 Joh 7:31 Joh 11:47

**p** Joh 9:41; **q** Eks 20:5; Joh 5:42.

geskrywe staan, vervul kan
word: ‘Hulle het my sonder oor-
saak gehaat.’[a] **26** Wanneer
die helper kom wat ek van die
Vader vir julle sal stuur,[b] die
gees van die waarheid, wat van
die Vader uitgaan, sal daar-
die een aangaande my getuig;[c]
**27** en julle moet op julle beurt
getuig,[d] omdat julle saam met
my was vandat ek begin het.

**16** “Ek het hierdie dinge vir
julle gesê sodat julle nie
sal struikel nie.[e] **2** Die mense
sal julle uit die sinagoge ban.[f]
Trouens, die uur kom wanneer
elkeen wat julle doodmaak, sal
dink dat hy ’n heilige diens aan
God bewys het.[g] **3** Maar hul-
le sal hierdie dinge doen omdat
hulle nie die Vader of vir my
leer ken het nie.[h] **4** Nietemin
het ek hierdie dinge vir julle ge-
sê sodat julle, wanneer die uur
daarvoor aanbreek, sal onthou
dat ek dit vir julle gesê het.[i]

“Maar ek het aanvanklik nie
hierdie dinge vir julle gesê nie,
omdat ek by julle was. **5** Maar
nou gaan ek na hom toe wat
my gestuur het,[j] en tog vra nie
een van julle vir my: ‘Waarheen
gaan u?’ nie. **6** Maar omdat ek
hierdie dinge vir julle gesê het,
het droefheid[k] julle hart ver-
vul. **7** Nietemin sê ek vir jul-
le die waarheid: Dit is tot julle
voordeel dat ek weggaan. Want
as ek nie weggaan nie, sal die
helper[l] hoegenaamd nie na jul-
le toe kom nie; maar as ek gaan,
sal ek hom na julle toe stuur.
**8** En wanneer hy kom, sal hy
aan die wêreld oortuigende be-
wys lewer aangaande sonde
en aangaande regverdigheid en
aangaande oordeel:[m] **9** in die
eerste plek, aangaande sonde,[n]
omdat hulle nie geloof in my be-
oefen nie;[o] **10** dan aangaande
regverdigheid,[p] omdat ek na
die Vader toe gaan en julle my
nie meer sal sien nie; **11** dan
aangaande oordeel,[a] omdat die
heerser van hierdie wêreld ge-
oordeel is.[b]

**12** “Ek het nog baie dinge
om vir julle te sê, maar jul-
le kan dit nie nou dra nie.[c]
**13** Wanneer hy, die gees van
die waarheid,[d] egter kom, sal
hy julle in die hele waarheid
inlei, want hy sal nie op eie in-
gewing spreek nie, maar wat
hy hoor, sal hy spreek, en hy
sal die komende dinge aan jul-
le bekend maak.[e] **14** Hy sal
my verheerlik,[f] want hy sal
ontvang van wat myne is en
dit aan julle bekend maak.[g]
**15** Alles wat die Vader het, is
myne.[h] Daarom het ek gesê dat
hy ontvang van wat myne is
en dit aan julle bekend maak.
**16** Oor ’n klein rukkie sal julle
my nie meer sien nie,[i] en weer
oor ’n klein rukkie sal julle my
sien.”

**17** Daarom het party van sy
dissipels vir mekaar gesê: “Wat
beteken dit dat hy vir ons sê:
‘Oor ’n klein rukkie sal jul-
le my nie sien nie, en weer
oor ’n klein rukkie sal julle my
sien’, en: ‘omdat ek na die Va-
der toe gaan’?” **18** Hulle het
derhalwe gesê: “Wat beteken
dit dat hy sê: ‘’n klein ruk-
kie’? Ons weet nie waarvan hy
praat nie.” **19** Jesus het ge-
weet[j] dat hulle hom wou uit-
vra; daarom het hy vir hulle
gesê: “Vra julle onder mekaar
hieroor, omdat ek gesê het:
Oor ’n klein rukkie sal jul-
le my nie sien nie, en weer
oor ’n klein rukkie sal julle
my sien? **20** Voorwaar, voor-
waar, ek sê vir julle: Julle sal
huil en weeklaag, maar die wê-
reld sal bly wees; julle sal be-
droef wees,[k] maar julle droef-

**HFST. 15**
a Ps 35:19; Ps 69:4; Lu 23:22
b Lu 24:49; Joh 14:26
c 1Jo 5:6
d Lu 1:2; Lu 24:48; Han 1:8; Han 2:22; Han 5:32; 1Pe 5:1

**HFST. 16**
e Mt 11:6
f Joh 9:22
g Mt 24:9; Han 8:1; Han 12:2; Han 26:11
h Joh 8:19; Joh 15:21; Ro 10:2; 1Ko 2:8
i Joh 13:19; Joh 14:29
j Joh 7:33; Joh 13:3
k Mt 17:23; Joh 14:1; Joh 16:22
l Joh 14:16; Joh 14:26; Joh 15:26; Han 2:33
m Joh 12:48; Han 24:25
n Joh 15:22; Ro 3:20; Ro 7:9
o Joh 5:38; 1Te 2:15
p Jes 42:6; Da 9:24; Ro 4:25; Ro 5:18

**Tweede kol.**
a Jes 42:1; Mt 12:18; Joh 3:18
b Joh 12:31; Joh 14:30
c Mr 4:33; 1Ko 3:1
d Joh 16:7
e Han 11:28; Han 16:6; Han 21:11; 1Ti 4:1
f 1Jo 4:2
g Joh 15:26; 1Jo 2:27
h Mt 11:27; Joh 3:35; Joh 17:10
i Joh 7:33; Joh 14:19
j Joh 2:25
k Lu 5:35

heid sal in vreugde verander
word.[a] **21** ’n Vrou het droef-
heid wanneer sy geboorte gee,
omdat haar uur aangebreek
het;[b] maar wanneer sy die jong
kindjie voortgebring het, ont-
hou sy nie meer die beproe-
wing nie, weens die vreugde
dat ’n mens in die wêreld ge-
bore is. **22** Julle het dan nou
ook inderdaad droefheid; maar
ek sal julle weer sien en julle
harte sal bly wees,[c] en nie-
mand sal julle julle vreugde
ontneem nie. **23** En in daar-
die dag[d] sal julle my geen en-
kele vraag vra nie. Voorwaar,
voorwaar, ek sê vir julle: As
julle die Vader enigiets vra,[e]
sal hy dit vir julle in my naam
gee.[f] **24** Tot nou toe het julle
hoegenaamd niks in my naam
gevra nie. Vra en julle sal ont-
vang, dat julle vreugde volko-
me gemaak kan word.[g]

**25** “Ek het hierdie dinge in
vergelykings vir julle gesê.[h]
Die uur kom wanneer ek nie
meer in vergelykings met jul-
le sal praat nie, maar ek julle
duidelik van die Vader sal ver-
tel. **26** In daardie dag sal jul-
le in my naam vra, en ek sê
nie vir julle dat ek by die Va-
der aangaande julle versoek
sal doen nie. **27** Want die Va-
der self het geneentheid vir
julle, omdat julle geneentheid
vir my gehad het[i] en geglo het
dat ek as die Vader se ver-
teenwoordiger uitgegaan het.[j]
**28** Ek het van die Vader uit-
gegaan en in die wêreld inge-
kom. En ek verlaat die wêreld
en gaan na die Vader toe.”[k]

**29** Sy dissipels het gesê:
“Kyk! Nou praat u duidelik
en spreek u geen vergelykings
nie. **30** Nou weet ons dat u
alles[l] weet en dat u nie nodig
het dat enigeen u uitvra nie.[m]
Hierdeur glo ons dat u van
God uitgegaan het.”[a] **31** Je-
sus het hulle geantwoord: “Glo
julle op die oomblik? **32** Kyk!
Die uur kom, ja, dit het gekom,
wanneer elkeen van julle na sy
eie huis verstrooi sal word[b] en
julle my alleen sal laat; en tog
is ek nie alleen nie, omdat die
Vader met my is.[c] **33** Ek het
hierdie dinge vir julle gesê so-
dat julle deur middel van my
vrede kan hê.[d] In die wêreld
het julle verdrukking, maar
skep moed! Ek het die wêreld
oorwin.”[e]

**17** Jesus het hierdie dinge
gespreek, en terwyl hy
sy oë na die hemel opgeslaan
het,[f] het hy gesê: “Vader, die
uur het gekom; verheerlik u
seun, sodat u seun u kan ver-
heerlik,[g] **2** soos u hom gesag
oor alle vlees gegee het,[h] sodat
hy aan almal wat u hom gegee
het,[i] die ewige lewe kan gee.[j]
**3** Dít beteken die ewige lewe,[k]
dat hulle kennis inneem[l] van u,
die enigste ware God,[m] en van
die een wat u uitgestuur het,
Jesus Christus.[n] **4** Ek het u
op die aarde verheerlik,[o] aan-
gesien ek die werk volbring
het wat u my gegee het om te
doen.[p] **5** En nou, Vader, ver-
heerlik my naas uself met die
heerlikheid wat ek naas u ge-
had het voordat die wêreld
was.[q]

**6** “Ek het u naam openbaar
gemaak aan die mense wat u
my uit die wêreld gegee het.[r]
Hulle het aan u behoort, en
u het hulle aan my gegee,
en hulle het u woord bewaar.
**7** Hulle het nou te wete gekom
dat alles wat u my gegee het,
van u kom; **8** want die woor-
de wat u my gegee het, het ek
aan hulle gegee,[s] en hulle het

**HFST. 16**
a Mt 28:8; Lu 24:41; Joh 20:20
b Ge 3:16; Jes 26:17
c Lu 24:52; 1Pe 1:8
d Joh 14:20
e Flp 4:6; 1Pe 5:7
f Joh 14:13; Joh 15:16; 1Jo 5:14
g Joh 15:11; 1Jo 1:4
h Mt 13:34; Joh 10:6
i Joh 14:21
j Joh 3:13; Joh 17:8
k 1Kn 8:49; Ps 11:4; Joh 13:3; Heb 9:24
l Joh 21:17
m Joh 2:25

**Tweede kol.**
a Joh 17:8
b Sag 13:7; Mt 26:31; Mt 26:56; Mr 14:27
c Joh 8:29
d Joh 14:27; Ef 2:14
e Han 14:22; 1Te 3:4; 1Jo 4:4; 1Jo 5:4; Op 3:21

**HFST. 17**
f Mt 14:19; Mr 7:34; Joh 11:41
g Joh 12:23; Joh 13:32
h Da 7:14; Mt 28:18; 1Ko 15:25; Flp 2:10; Heb 2:8
i Joh 6:37
j Jes 53:11; Joh 4:14; Joh 6:27
k Lu 10:25
l Ef 4:13; Flp 1:9; 1Ti 6:20; 2Pe 3:18
m 1Ko 8:4; 1Te 1:9; 1Jo 5:20
n Joh 5:37
o Joh 13:31; Joh 14:13
p Joh 4:34
q Joh 1:1; Joh 8:58; Kol 1:15
r Ps 22:22; Joh 10:29; Han 15:14; Heb 2:12
s Joh 6:68; Joh 8:28; Joh 12:49; Joh 14:10

dit aangeneem en het beslis te
wete gekom dat ek as u ver-
teenwoordiger uitgegaan het,[a]
en hulle het geglo dat u my uit-
gestuur het.[b] **9** Ek doen ver-
soek aangaande hulle; ek doen
nie versoek aangaande die wê-
reld nie,[c] maar aangaande dié
wat u my gegee het; omdat hul-
le aan u behoort, **10** en alles
van my behoort aan u, en wat
aan u behoort, is myne,[d] en ek
is onder hulle verheerlik.

**11** "Ook is ek nie meer in
die wêreld nie, maar hulle is in
die wêreld[e] en ek kom na u toe.
Heilige Vader, waak oor hulle[f]
weens u naam wat u my gegee
het, sodat hulle een kan wees
net soos ons.[g] **12** Toe ek by
hulle was, het ek oor hulle ge-
waak[h] weens u naam wat u
my gegee het; en ek het hul-
le bewaar, en nie een van hul-
le is vernietig nie,[i] behalwe
die seun van die vernietiging,[j]
sodat die Skrifgedeelte ver-
vul sou word.[k] **13** Maar nou
kom ek na u toe, en ek spreek
hierdie dinge in die wêreld so-
dat hulle my vreugde ten vol-
le in hulle kan hê.[l] **14** Ek het
u woord aan hulle gegee, maar
die wêreld het hulle gehaat,[m]
omdat hulle geen deel van die
wêreld is nie, net soos ek geen
deel van die wêreld is nie.[n]

**15** "Ek versoek u nie om hul-
le uit die wêreld weg te neem
nie, maar om oor hulle te waak
weens die bose.[o] **16** Hulle is
geen deel van die wêreld nie,[p]
net soos ek geen deel van die
wêreld is nie.[q] **17** Heilig[r] hul-
le deur middel van die waar-
heid; u woord[s] is die waarheid.[t]
**18** Net soos u my in die wêreld
uitgestuur het, het ek hulle
ook in die wêreld uitgestuur.[u]
**19** En ek heilig my ten behoe-
we van hulle, sodat hulle ook
deur middel van die waarheid
geheilig[a] kan word.

**20** "Ek doen nie net aan-
gaande hulle versoek nie, maar
ook aangaande dié wat deur
hulle woord geloof in my stel;[b]
**21** sodat hulle almal een kan
wees,[c] net soos u, Vader, in een-
heid met my en ek in eenheid
met u is,[d] dat hulle ook in een-
heid met ons kan wees,[e] sodat
die wêreld kan glo dat u my uit-
gestuur het.[f] **22** Ook het ek
hulle die heerlikheid gegee wat
u my gegee het, sodat hulle
een kan wees net soos ons een
is.[g] **23** Ek in eenheid met hul-
le en u in eenheid met my, so-
dat hulle volkome een gemaak
kan word,[h] sodat die wêreld
kan weet dat u my uitgestuur
het en dat u hulle liefgehad
het net soos u my liefgehad het.
**24** Vader, met betrekking tot
wat u my gegee het, wens ek
dat waar ek is, hulle ook by my
kan wees,[i] sodat hulle my heer-
likheid kan aanskou wat u my
gegee het, omdat u my voor die
grondlegging[j] van die wêreld[k]
liefgehad het. **25** Regverdige[l]
Vader, die wêreld het u inder-
daad nie leer ken nie;[m] maar ek
het u leer ken, en hierdie men-
se het te wete gekom dat u my
uitgestuur het.[n] **26** En ek het
u naam aan hulle bekend ge-
maak[o] en sal dit bekend maak,
sodat die liefde waarmee u my
liefgehad het, in hulle kan wees
en ek in eenheid met hulle."[p]

# 18
Nadat Jesus hierdie din-
ge gesê het, het hy saam
met sy dissipels oor die Kidron-
winterstroom[q] uitgegaan na
waar daar 'n tuin was, en hy en
sy dissipels het daar ingegaan.[r]

**HFST. 17**

a Joh 16:27; Heb 3:1
b Joh 16:30
c 1Jo 5:19
d Joh 16:15
e Joh 13:1
f 1Pe 1:5; Jud 24
g Joh 10:30; Joh 17:21
h Joh 6:39; Joh 10:28; 1Jo 5:18
i Joh 18:9
j Mr 14:21; Heb 10:27
k Ps 41:9; Ps 109:8; Han 1:20
l Joh 15:11
m 1Jo 3:13
n Joh 8:23; Joh 15:19; Jak 4:4
o Mt 6:13; 2Te 3:3; 1Jo 5:18
p Kol 1:13
q Joh 18:36
r Han 15:9; Ef 5:26; 1Te 5:23; 2Te 2:13; 1Pe 1:22
s Flp 2:16
t Ps 12:6; Ps 119:151; Ps 119:160; Jak 1:18
u Joh 20:21

**Tweede kol.**

a 1Te 4:7; Heb 10:10
b Ro 10:17; 1Jo 1:3
c Ro 12:5; 1Ko 1:10; Ga 3:28; 1Jo 1:7
d Joh 10:38; Joh 14:10
e 1Ko 6:17
f Joh 17:8
g Joh 14:20; Joh 17:11; 1Jo 1:3; 1Jo 3:24
h 1Ko 6:17
i Lu 22:30; Joh 12:26; 1Te 4:17
j Ge 4:1; Heb 4:3
k Joh 17:5
l Jer 50:7; Ro 3:26
m 1Jo 3:1
n Mt 11:27; Joh 8:55; Joh 15:21
o De 32:3; Mt 6:9; Joh 17:6
p Joh 15:9; Ro 8:39; Ef 3:17

**HFST. 18**

q 2Sa 15:23

r Mt 26:36; Mr 14:32.

**2** En Judas, sy verraaier, het
ook die plek geken, omdat Jesus
dikwels met sy dissipels daar
saamgekom het.[a] **3** Daarom
het Judas die afdeling soldate
en beamptes van die hoofpries-
ters en van die Fariseërs ge-
neem en met fakkels en lampe
en wapens daar gekom.[b] **4** Je-
sus, wat geweet het wat alles
oor hom gaan kom,[c] het toe na
vore getree en vir hulle gesê:
"Wie soek julle?" **5** Hulle het
hom geantwoord: "Jesus die Na-
sarener."[d] Hy het vir hulle ge-
sê: "Dit is ek." En Judas, sy
verraaier,[e] het ook by hulle ge-
staan.

**6** Toe hy egter vir hulle sê:
"Dit is ek", het hulle terugge-
deins[f] en op die grond geval.
**7** Daarom het hy hulle weer
gevra: "Wie soek julle?" Hulle
het gesê: "Jesus die Nasarener."
**8** Jesus het geantwoord: "Ek
het vir julle gesê dat dit ek is.
As dit dan na my is wat julle
soek, laat hierdie mense gaan";
**9** sodat die woord vervul sou
word wat hy gesê het: "Van dié
wat u my gegee het, het ek nie
één verloor nie."[g]

**10** En Simon Petrus, wat 'n
swaard gehad het, het dit ge-
trek en die slaaf van die hoë-
priester geslaan en sy regter-
oor afgekap.[h] Die naam van
die slaaf was Malgus. **11** Je-
sus het egter vir Petrus gesê:
"Steek die swaard in sy skede.[i]
Die beker wat die Vader my ge-
gee het, sal ek dit dan nie vir se-
ker drink[j] nie?"

**12** Toe het die afdeling sol-
date en die militêre bevelvoer-
der en die beamptes van die
Jode Jesus gevange geneem
en hom geboei, **13** en hulle
het hom eers na Annas toe ge-
lei; want hy was die skoonva-
der van Ka'jafas, wat daardie
jaar hoëpriester was.[a] **14** Ka'-
jafas was trouens die een wat
die Jode die raad gegee het dat
dit tot hulle voordeel is dat een
mens vir die volk sterf.[b]

**15** En Simon Petrus sowel as
'n ander dissipel het Jesus ge-
volg.[c] Daardie dissipel was aan
die hoëpriester bekend, en hy
het saam met Jesus in die bin-
nehof van die hoëpriester in-
gegaan, **16** maar Petrus het
buite by die deur gestaan.[d]
Daarom het die ander dissi-
pel, wat aan die hoëpriester
bekend was, uitgegaan en met
die deurwagter gepraat en Pe-
trus ingebring. **17** Die diens-
meisie, die deurwagter, het toe
vir Petrus gesê: "Jy is nie mis-
kien ook een van hierdie man
se dissipels nie?" Hy het gesê:
"Ek is nie."[e] **18** En die slawe
en die beamptes het daar ge-
staan, aangesien hulle 'n hout-
skoolvuur[f] gemaak het, omdat
dit koud was, en hulle het hulle
warm gemaak. Petrus het ook
by hulle gestaan en hom warm
gemaak.

**19** En die hoofpriester het
Jesus oor sy dissipels en oor sy
leer ondervra. **20** Jesus het
hom geantwoord: "Ek het in
die openbaar met die wêreld ge-
praat. Ek het altyd in 'n sina-
goge en in die tempel geleer,[g]
waar al die Jode bymekaar-
kom; en ek het niks in die ge-
heim gesê nie. **21** Waarom on-
dervra u my? Ondervra dié wat
gehoor het wat ek vir hulle ge-
sê het. Kyk! Hulle weet wat ek
gesê het." **22** Nadat hy hier-
die dinge gesê het, het een van
die beamptes wat daar gestaan
het, Jesus in die gesig geklap[h]
en gesê: "Is dit hoe jy die hoof-
priester antwoord?" **23** Jesus
het hom geantwoord: "As ek
iets verkeerds gesê het, getuig

**HFST. 18**
a Lu 22:39
b Mt 26:47, Mr 14:43, Han 1:16
c Joh 13:3
d Mt 2:23, Mr 1:24, Mr 10:47, Mr 14:67
e Lu 22:47
f Joh 7:46
g Joh 6:39, Joh 17:12
h Mt 26:51, Mr 14:47, Lu 22:50
i Mt 26:52, Lu 22:51, Joh 18:36
j Mt 20:22, Mt 26:42

**Tweede kol.**
a Mt 26:57, Lu 3:2, Joh 18:24, Han 4:6
b Joh 11:50
c Mt 26:58, Mr 14:54, Lu 22:54
d Mt 26:69, Mr 14:66
e Mr 14:68, Joh 18:25
f Jer 36:22
g Mt 26:55, Lu 4:15, Lu 19:47, Joh 7:14
h Jes 50:6, Mt 5:39, Joh 19:3, Han 23:2

dan oor wat verkeerd is; maar
as dit reg was, waarom slaan
jy my dan?” **24** Toe het Annas
hom geboeid na Ka′jafas, die
hoëpriester, weggestuur.[a]

**25** En Simon Petrus het hom
gestaan en warm maak. Toe
het hulle vir hom gesê: “Jy is
nie miskien ook een van sy dis-
sipels nie?” Hy het dit ontken
en gesê: “Ek is nie.”[b] **26** Een
van die slawe van die hoëpries-
ter, wat ’n familielid was van
die man wie se oor Petrus af-
gekap het,[c] het gesê: “Ek het
jou in die tuin saam met hom
gesien, nie waar nie?” **27** Pe-
trus het dit egter weer ontken;
en onmiddellik het ’n haan ge-
kraai.[d]

**28** Toe het hulle Jesus van
Ka′jafas na die goewerneur se
paleis gelei.[e] En dit was vroeg-
dag. Maar hulle het self nie in
die goewerneur se paleis inge-
gaan nie, sodat hulle nie veront-
reinig sou word nie[f] maar die
pasga sou kon eet. **29** Daar-
om het Pilatus na hulle toe uit-
gekom en gesê: “Watter be-
skuldiging bring julle teen
hierdie man in?”[g] **30** Hulle
het geantwoord en vir hom
gesê: “As hierdie man nie ’n
kwaaddoener was nie, sou ons
hom nie aan u oorgelewer het
nie.” **31** Pilatus het derhalwe
vir hulle gesê: “Neem julle hom
en oordeel hom volgens julle
wet.”[h] Die Jode het vir hom ge-
sê: “Dit is ons nie geoorloof
om enigeen dood te maak nie.”[i]
**32** Dit, sodat die woord van Je-
sus vervul sou word wat hy ge-
spreek het om aan te dui watter
soort dood hy bestem was om te
sterf.[j]

**33** Toe het Pilatus weer in
die goewerneur se paleis inge-
gaan en Jesus geroep en vir
hom gesê: “Is jy die koning van
die Jode?”[a] **34** Jesus het ge-
antwoord: “Sê u dit uit uself, of
het ander u van my vertel?”[b]
**35** Pilatus het geantwoord: “Is
ek miskien ’n Jood? Jou eie na-
sie en die hoofpriesters het jou
aan my oorgelewer.[c] Wat het jy
gedoen?” **36** Jesus het geant-
woord:[d] “My koninkryk is geen
deel van hierdie wêreld nie.[e] As
my koninkryk ’n deel van hier-
die wêreld was, sou my die-
naars geveg het[f] sodat ek nie
aan die Jode oorgelewer word
nie. Maar my koninkryk is nou
eenmaal nie uit hierdie bron
nie.” **37** Daarom het Pilatus
vir hom gesê: “Wel, is jy dan ’n
koning?” Jesus het geantwoord:
“U sê self dat ek ’n koning is.[g]
Hiervoor is ek gebore en hier-
voor het ek in die wêreld in-
gekom, om van die waarheid
te getuig.[h] Elkeen wat aan die
kant van die waarheid is,[i] luis-
ter na my stem.”[j] **38** Pilatus
het vir hom gesê: “Wat is waar-
heid?”

En nadat hy dit gesê het,
het hy weer na die Jode toe
uitgegaan en vir hulle gesê: “Ek
vind geen skuld in hom nie.[k]
**39** Bowendien het julle ’n ge-
woonte dat ek op die pasga vir
julle ’n man moet vrylaat.[l] Wil
julle dan hê dat ek vir julle die
koning van die Jode moet vry-
laat?” **40** Toe het hulle weer
geskreeu en gesê: “Nie hierdie
man nie, maar Barab′bas!” En
Barab′bas was ’n rower.[m]

**19** Toe het Pilatus Jesus ge-
neem en hom gegesel.[n]
**2** En die soldate het ’n doring-
kroon gevleg en dit op sy kop
gesit en hom met ’n purper bo-
kleed geklee;[o] **3** en hulle het
begin om tot by hom te kom
en te sê: “Goeiedag, Koning van
die Jode!” Ook het hulle hom
in die gesig geklap.[p] **4** En Pi-

**HFST. 18**
a Mt 26:57
b Mt 26:69; Mr 14:69; Lu 22:58
c Joh 18:10
d Mt 26:74; Mr 14:72; Lu 22:60; Joh 13:38
e Mt 27:2; Mr 15:1; Lu 23:1; Han 3:13
f Han 10:28
g Lu 23:2
h Joh 19:6; Han 18:15
i Joh 19:10
j Mt 20:19; Joh 3:14; Joh 12:32

**Tweede kol.**
a Mt 27:11; Joh 12:13
b Joh 18:29
c Joh 1:11
d 1Ti 6:13
e Jes 9:6; Da 2:44; Da 7:14
f Mt 26:53; Joh 18:11
g Mt 26:64; Mt 27:11
h Joh 1:14; Joh 1:17; Joh 14:6
i Joh 8:32; 1Jo 3:19; 1Jo 4:6
j Joh 8:46
k Mt 27:24; Lu 23:4; Joh 15:25
l Mt 27:15; Mr 15:6
m Nu 35:31; Lu 23:19; Han 3:14

**HFST. 19**
n Jes 50:6; Mt 20:19; Mt 27:26; Mr 15:15; Lu 18:33
o Mt 27:29; Mr 15:17; Lu 23:11
p Jes 53:3

latus het weer buitentoe ge-
gaan en vir hulle gesê: “Kyk!
Ek bring hom buitentoe na jul-
le sodat julle kan weet dat ek
geen skuld in hom vind nie.”[a]
**5** Gevolglik het Jesus buiten-
toe gekom terwyl hy die do-
ringkroon en die purper bo-
kleed gedra het. En hy het
vir hulle gesê: “Kyk! Die mens!”
**6** Maar toe die hoofpriesters
en die beamptes hom sien, het
hulle geskreeu en gesê: “Hang
hom aan die paal! Hang hom
aan die paal!”[b] Pilatus het vir
hulle gesê: “Neem julle hom en
hang hom aan die paal, want
ek vind geen skuld in hom
nie.”[c] **7** Die Jode het hom ge-
antwoord: “Ons het ’n wet,[d] en
volgens die wet behoort hy te
sterf, omdat hy homself God se
seun gemaak het.”[e]

**8** Toe Pilatus dan hierdie
woord hoor, het hy nog meer
bevrees geword; **9** en hy het
weer in die goewerneur se pa-
leis ingegaan en vir Jesus gesê:
“Waar kom jy vandaan?” Maar
Jesus het hom geen antwoord
gegee nie.[f] **10** Pilatus het der-
halwe vir hom gesê: “Praat jy
nie met my nie?[g] Weet jy nie
dat ek gesag het om jou vry
te laat en dat ek gesag het om
jou aan die paal te hang nie?”
**11** Jesus het hom geantwoord:
“U sou hoegenaamd geen gesag
teen my hê as dit nie van bo aan
u gegee was nie.[h] Daarom het
die man wat my aan u oorgele-
wer het, groter sonde.”

**12** Om dié rede het Pilatus
’n manier bly soek om hom vry
te laat. Maar die Jode het ge-
skreeu en gesê: “As u hierdie
man vrylaat, is u nie ’n vriend
van die keiser nie. Elkeen wat
homself ’n koning maak, praat
teen die keiser.”[i] **13** Daarom
het Pilatus, nadat hy hierdie
woorde gehoor het, Jesus bui-
tentoe gebring, en hy het op
’n regterstoel gaan sit op ’n
plek wat Die Klipplaveisel ge-
noem word, maar in Hebreeus
*Gab′bata*. **14** En dit was die
voorbereiding[a] van die pasga;
dit was omtrent die sesde uur.
En hy het vir die Jode gesê:
“Kyk! Julle koning!” **15** Hulle
het egter geskreeu: “Neem hom
weg! Neem hom weg! Hang hom
aan die paal!” Pilatus het vir
hulle gesê: “Moet ek julle ko-
ning aan die paal hang?” Die
hoofpriesters het geantwoord:
“Ons het geen koning behal-
we die keiser nie.”[b] **16** Toe
het hy hom aan hulle oorgele-
wer om aan die paal gehang te
word.[c]

Daarop het hulle Jesus onder
bewaking geneem. **17** En ter-
wyl hy self die folterpaal ge-
dra het,[d] het hy uitgegaan[e]
na die sogenaamde Skedelplek,
wat in Hebreeus *Gol′gota* ge-
noem word;[f] **18** en daar het
hulle hom aan die paal gehang,[g]
en twee ander manne saam met
hom, een aan hierdie en een
aan daardie kant, maar Jesus
in die middel.[h] **19** Pilatus het
ook ’n opskrif geskryf en dit
aan die folterpaal gesit. Daar
het geskrywe gestaan: “Jesus
die Nasarener, die Koning van
die Jode.”[i] **20** Baie van die
Jode het dus hierdie opskrif ge-
lees,[j] omdat die plek waar Je-
sus aan die paal gehang is, naby
die stad was; en dit was in He-
breeus, in Latyn en in Grieks
geskryf. **21** Die hoofpriesters
van die Jode het egter vir Pila-
tus begin sê: “Moenie ‘Die Ko-
ning van die Jode’ skryf nie,
maar dat hy gesê het: ‘Ek is
Koning van die Jode.’” **22** Pi-
latus het geantwoord: “Wat ek
geskryf het, het ek geskryf.”

**HFST. 19**
a Lu 23:4; Joh 18:38; 2Ko 5:21
b Eks 23:7; Mt 27:22; Mr 15:13; Lu 23:21
c Joh 18:31; Han 3:13
d Le 24:16
e Mt 26:63; Joh 5:18
f Jes 53:7; Mt 27:12; Mt 27:14; Han 8:32
g Lu 23:9
h Ge 45:8; Da 4:17; Lu 22:53; Joh 7:30; Joh 10:18; Ro 13:2; Op 13:7
i Lu 23:2; Han 17:7

**Tweede kol.**
a Mt 27:62; Joh 19:31
b Ge 49:10; De 17:15
c Eks 23:2; Da 9:27; Mt 27:26; Mt 27:31; Mr 15:15; Lu 23:24
d Ge 22:6; Mt 27:32
e Le 16:27; Heb 13:12
f Mt 27:33; Mr 15:22
g Joh 3:14; Han 5:30; 2Ko 5:21; Ga 3:13
h Jes 53:9; Lu 23:33
i Mt 27:37; Mr 15:26; Lu 23:38
j Heb 13:12

**23** En toe die soldate Jesus
aan die paal gehang het, het
hulle sy boklere geneem en vier
dele gemaak, vir elke soldaat 'n
deel, en die onderkleed. Maar
die onderkleed was sonder 'n
naat, van bo af in sy volle leng-
te aaneen geweef.[a] **24** Daar-
om het hulle vir mekaar ge-
sê: "Laat ons dit nie skeur nie,
maar laat ons daarvoor loot om
te bepaal wie s'n dit sal wees."
Dit was sodat die Skrifgedeel-
te vervul sou word: "Hulle het
my boklere onder mekaar ver-
deel, en oor my klere het hulle
die lot gewerp."[b] En die solda-
te het hierdie dinge werklik ge-
doen.

**25** Maar by die folterpaal
van Jesus het sy moeder[c] en die
suster van sy moeder gestaan;
Maria,[d] die vrou van Klopas, en
Maria Magdale′na.[e] **26** En toe
Jesus sy moeder en die dissi-
pel wat hy liefgehad het,[f] daar
sien staan, het hy vir sy moe-
der gesê: "Vrou, kyk! U seun!"
**27** Daarna het hy vir die dissi-
pel gesê: "Kyk! Jou moeder!" En
van daardie uur af het die dissi-
pel haar na sy eie huis geneem.

**28** Hierna het Jesus, met die
wete dat alles al volbring is en
sodat die Skrifgedeelte vervul
sou word, gesê: "Ek is dors."[g]
**29** 'n Houer vol suur wyn het
daar gestaan. Daarom het hulle
'n spons vol van die suur wyn
op 'n hisopstingel gesit en dit
na sy mond gebring.[h] **30** En
toe Jesus die suur wyn ontvang
het, het hy gesê: "Dit is vol-
bring!"[i] en hy het sy kop gebuig
en sy gees oorgegee.[j]

**31** Toe het die Jode, omdat
dit die Voorbereiding[k] was, Pi-
latus versoek om hulle bene te
laat breek en die liggame te laat
wegneem, sodat die liggame nie
op die Sabbat aan die folterpa-
le sou bly nie[a] (want die dag
van daardie Sabbat was groot).[b]
**32** Die soldate het dus gekom
en die bene van die eerste man
gebreek en dié van die ander
man wat saam met hom aan 'n
paal gehang is. **33** Maar toe
hulle by Jesus kom, het hulle
nie sy bene gebreek nie, aange-
sien hulle gesien het dat hy
reeds dood is. **34** Nogtans het
een van die soldate sy sy met
'n spies gesteek,[c] en onmiddel-
lik het bloed en water uitge-
kom. **35** En hy wat dit gesien
het, het getuig, en sy getuie-
nis is waar, en dié man weet
dat hy ware dinge vertel, sodat
julle ook kan glo.[d] **36** Trou-
ens, hierdie dinge het plaas-
gevind sodat die Skrifgedeelte
vervul sou word: "Geen been
van hom sal verbrysel word
nie."[e] **37** En 'n ander Skrifge-
deelte sê weer: "Hulle sal die
Een aanskou wat hulle deur-
boor het."[f]

**38** En ná hierdie dinge het
Josef van Arimate′a, wat 'n dis-
sipel van Jesus was, maar in die
geheim weens sy vrees vir die
Jode,[g] Pilatus versoek om die
liggaam van Jesus te kan weg-
neem; en Pilatus het hom toe-
stemming gegee.[h] Daarom het
hy gekom en sy liggaam wegge-
neem.[i] **39** Ook Nikode′mus,
die man wat die eerste keer in
die nag na hom toe gekom het,
het gekom en 'n rol mirre en
aalwyn gebring, omtrent hon-
derd pond.[j] **40** Toe het hulle
die liggaam van Jesus geneem
en dit saam met die speserye
met verbande toegedraai,[k] net
soos die Jode die gebruik het
om vir 'n begrafnis voor te be-
rei. **41** Terloops, by die plek
waar hy aan die paal gehang is,
was daar 'n tuin, en in die
tuin 'n nuwe gedenkgraf,[l] waar-

**HFST. 19**

a Mt 27:35, Mr 15:24, Lu 23:34
b Ps 22:18
c Lu 2:34
d Mt 27:61
e Mt 27:56, Mr 15:40, Lu 23:49
f Joh 13:23, Joh 21:7, Joh 21:20
g Ps 22:15
h Ps 69:21, Mt 27:48, Mr 15:36, Lu 23:36
i Joh 17:4
j Ps 104:29, Jes 53:12, Mt 27:50, Mr 15:37, Lu 23:46
k Mt 27:62, Joh 19:14

**Tweede kol.**

a De 21:23
b Le 23:7
c Jes 53:5, Sag 12:10, Mt 27:49, Joh 20:25, Op 1:7
d Joh 20:31, Joh 21:24, 1Jo 1:1
e Eks 12:46, Nu 9:12, Ps 34:20
f Sag 12:10, Op 1:7
g Spr 29:25, Joh 7:13, Joh 9:22
h Mt 27:58, Mr 15:43, Lu 23:50
i De 21:23
j 2Kr 16:14, Lu 23:56, Joh 7:50
k Joh 20:7
l Jes 53:9, Han 13:29

in niemand nog ooit neergelê is
nie. **42** Daar het hulle Jesus
toe weens die voorbereiding[a]
van die Jode neergelê, omdat
die gedenkgraf naby was.

**20** Op die eerste dag[b] van
die week het Maria Mag-
dale′na vroeg by die gedenkgraf
gekom, terwyl dit nog don-
ker was, en sy het gesien dat
die klip reeds van die gedenk-
graf weggeneem is.[c] **2** Daar-
om het sy gehardloop en ge-
kom by Simon Petrus en by die
ander dissipel,[d] vir wie Jesus
geneentheid gehad het, en sy
het vir hulle gesê: “Hulle het
die Here uit die gedenkgraf[e]
weggeneem, en ons weet nie
waar hulle hom neergelê het
nie.”

**3** Toe het Petrus[f] en die an-
der dissipel uitgegaan en is
hulle na die gedenkgraf toe.
**4** Ja, die twee het saam be-
gin hardloop; maar die an-
der dissipel het vinniger as
Petrus vooruit gehardloop en
eerste by die gedenkgraf ge-
kom. **5** En hy het vooroor ge-
buk en die verbande sien lê,[g]
maar hy het nie ingegaan nie.
**6** Toe het Simon Petrus, wat
hom gevolg het, ook gekom, en
hy het in die gedenkgraf inge-
gaan. En hy het die verbande
sien lê,[h] **7** ook die doek wat
op sy kop was, wat nie by die
verbande gelê het nie maar af-
sonderlik op een plek opgerol
was. **8** Toe het die ander dis-
sipel, wat eerste by die gedenk-
graf gekom het, dus ook in-
gegaan, en hy het gesien en
geglo. **9** Want hulle het nog
nie die Skrifgedeelte verstaan
dat hy uit die dode moet op-
staan nie.[i] **10** En toe het die
dissipels na hulle huise terug-
gegaan.

**11** Maria het egter buite
naby die gedenkgraf bly staan
en huil. Toe het sy al huilen-
de vooroor gebuk om in die ge-
denkgraf in te kyk, **12** en sy
het twee engele[a] in wit daar
sien sit, een by die kop en
een by die voete waar die lig-
gaam van Jesus gelê het.
**13** En hulle het vir haar gesê:
“Vrou, waarom huil jy?” Sy het
vir hulle gesê: “Hulle het my
Here weggeneem, en ek weet
nie waar hulle hom neergelê
het nie.” **14** Nadat sy hierdie
dinge gesê het, het sy omge-
draai en Jesus sien staan, maar
sy het nie besef dat dit Je-
sus was nie.[b] **15** Jesus het vir
haar gesê: “Vrou, waarom huil
jy? Wie soek jy?”[c] Sy het ge-
dink dat dit die tuinier is en
het vir hom gesê: “Meneer,
as u hom weggedra het, sê
vir my waar u hom neergelê
het, en ek sal hom wegneem.”
**16** Jesus het vir haar gesê:
“Maria!”[d] Toe sy omdraai, het
sy in Hebreeus vir hom ge-
sê: *“Rabboe′ni!”*[e] (wat “Leer-
meester!” beteken). **17** Jesus
het vir haar gesê: “Hou op om
aan my vas te klou. Want ek
het nog nie na die Vader op-
gevaar nie. Maar gaan na my
broers[f] toe en sê vir hulle: ‘Ek
vaar op na my Vader[g] en julle
Vader en na my God[h] en julle
God.’ ”[i] **18** Maria Magdale′na
het gekom en die nuus vir die
dissipels gebring: “Ek het die
Here gesien!” en dat hy hierdie
dinge vir haar gesê het.[j]

**19** Toe dit laat was op daar-
die dag, die eerste van die
week,[k] en hoewel die deure
waar die dissipels was, uit
vrees[l] vir die Jode toegesluit
was, het Jesus gekom[m] en in
hulle midde gestaan en vir hul-
le gesê: “Mag julle vrede hê.”[n]

**HFST. 19**
a Mt 27:62; Joh 19:14

**HFST. 20**
b Le 23:11; 1Ko 15:20
c Mt 28:1; Mr 16:1; Lu 24:1
d Joh 13:23; Joh 19:26; Joh 21:24
e Joh 19:41
f Lu 24:12
g Joh 19:40
h Joh 11:44
i Ps 16:10; Jes 53:10; Mt 16:21; Joh 2:22; Han 2:27; 1Ko 15:4

**Tweede kol.**
a Mr 16:5; Heb 1:14; Op 19:14
b Lu 24:16; Lu 24:31; Joh 21:4
c Joh 1:38
d Joh 10:3
e Mr 10:51; Joh 1:38
f Ps 22:22; Mt 12:50; Mt 25:40; Mt 28:10; Ro 8:29; Heb 2:11
g Joh 14:28; Joh 16:28
h 1Ko 11:3; Ef 1:17; Kol 1:3
i Ge 17:7; Heb 11:16
j Mt 28:10; Lu 24:10
k Lu 24:1
l Joh 9:22
m 1Ko 15:5
n Mt 10:12; Lu 10:5; Lu 24:36

**20** En nadat hy dit gesê het,
het hy vir hulle sy hande so-
wel as sy sy gewys.[a] Toe was
die dissipels bly[b] dat hulle die
Here gesien het. **21** Jesus het
dus weer vir hulle gesê: “Mag
julle vrede hê. Net soos die Va-
der my uitgestuur het,[c] stuur
ek julle ook.”[d] **22** En nadat
hy dit gesê het, het hy op hulle
geblaas en vir hulle gesê: “Ont-
vang heilige gees.[e] **23** As jul-
le mense se sondes vergewe,[f]
sal dit vir hulle vergewe wees;
as julle mense se sondes behou,
bly dit behoue.”[g]

**24** Maar Tomas,[h] een van
die twaalf, wat Die Tweeling
genoem is, was nie by hulle toe
Jesus gekom het nie. **25** Ge-
volglik het die ander dissipels
vir hom gesê: “Ons het die
Here gesien!” Maar hy het vir
hulle gesê: “Tensy ek in sy han-
de die merk van die spykers
sien en my vinger in die merk
van die spykers steek en my
hand in sy sy steek,[i] sal ek be-
slis nie glo nie.”[j]

**26** Wel, agt dae later was sy
dissipels weer binnenshuis, en
Tomas by hulle. Jesus het ge-
kom, hoewel die deure toege-
sluit was, en hy het in hulle
midde gestaan en gesê: “Mag
julle vrede hê.”[k] **27** Daarna
het hy vir Tomas gesê: “Sit jou
vinger hier, en kyk na my han-
de, en neem jou hand[l] en steek
dit in my sy, en hou op om on-
gelowig te wees, maar word ge-
lowig.” **28** Tomas het geant-
woord en vir hom gesê: “My
Here en my God!”[m] **29** Jesus
het vir hom gesê: “Het jy geglo
omdat jy my gesien het? Geluk-
kig is dié wat nie sien nie en
nogtans glo.”[n]

**30** Jesus het weliswaar ook
baie ander tekens voor die dis-
sipels gedoen, wat nie in hier-
die boekrol neergeskryf is nie.[a]
**31** Maar hierdie dinge is neer-
geskryf[b] sodat julle kan glo dat
Jesus die Christus is, die Seun
van God, en sodat julle, deur te
glo,[c] deur middel van sy naam
die lewe kan hê.

**21** Ná hierdie dinge het Je-
sus hom weer aan die dis-
sipels geopenbaar by die see
van Tibe′rias; maar hy het hom
só geopenbaar. **2** Simon Pe-
trus en Tomas, wat Die Twee-
ling genoem is,[d] en Nata′nael[e]
uit Kana in Galile′a en die seuns
van Sebede′us[f] en twee ander
van sy dissipels was daar byme-
kaar. **3** Simon Petrus het vir
hulle gesê: “Ek gaan visvang.”
Hulle het vir hom gesê: “Ons
kom ook saam met jou.” Hulle
het uitgegaan en in die boot ge-
klim, maar gedurende daardie
nag het hulle niks gevang nie.[g]

**4** Maar net toe dit oggend
begin word, het Jesus op die
strand gestaan, maar die dissi-
pels het natuurlik nie besef dat
dit Jesus is nie.[h] **5** Toe het Je-
sus vir hulle gesê: “Jong kin-
ders, het julle nie miskien iets
om te eet nie?” Hulle het hom
geantwoord: “Nee!” **6** Hy het
vir hulle gesê: “Gooi die net aan
die regterkant van die boot uit,
en julle sal iets vind.”[i] Toe het
hulle dit uitgegooi, maar weens
die menigte visse kon hulle dit
nie meer intrek nie.[j] **7** Daar-
om het dié dissipel vir wie Je-
sus lief was,[k] vir Petrus[l] gesê:
“Dit is die Here!” Toe Simon Pe-
trus dus hoor dat dit die Here is,
het hy sy oorkleed om hom ge-
gord, want hy was naak, en in
die see gespring. **8** Maar die
ander dissipels het in die boot-
jie gekom, want hulle was nie
ver van die land af nie, net om-

**HFST. 20**
a Joh 19:34; 1Jo 1:1
b Joh 16:22
c Jes 61:1; Joh 5:36
d Mt 28:19; Joh 17:18; 2Ti 2:2
e Lu 1:67; Lu 2:25; Han 2:2; Han 2:4
f Mt 16:19
g Han 13:11
h Joh 11:16
i Joh 19:34
j 2Ko 5:7
k Joh 20:19
l 1Jo 1:1
m Jes 9:6; Joh 1:1; Joh 1:18; Joh 14:28; Joh 20:17; Joh 20:31
n 2Ko 5:7; 1Pe 1:8

**Tweede kol.**
a Joh 21:25
b Lu 1:4
c Joh 3:15; Joh 5:24; 1Pe 1:9; 1Jo 5:13

**HFST. 21**
d Joh 11:16; Joh 20:24
e Joh 1:45
f Mt 4:21
g Lu 5:5
h Lu 24:16; Joh 20:14
i Lu 5:4
j Lu 5:6
k Joh 13:23; Joh 19:26; Joh 20:2
l Mt 14:29

trent negentig meter daarvan-
daan, en hulle het die net met
die visse gesleep.

**9** Toe hulle egter aan land
stap, het hulle ’n houtskool-
vuur[a] daar gesien, en vis wat
daarop lê, en brood. **10** Jesus
het vir hulle gesê: “Bring van
die vis wat julle nou net ge-
vang het.” **11** Simon Petrus
het dus aan boord gegaan en
die net vol groot visse na die
land getrek, honderd-drie-en-
vyftig visse. Maar hoewel daar
so baie was, het die net nie
geskeur nie. **12** Jesus het vir
hulle gesê: “Kom, eet julle ont-
byt.”[b] Nie een van die dissipels
het die moed gehad om hom te
vra: “Wie is u?” nie, omdat hul-
le geweet het dat dit die Here
is. **13** Jesus het gekom en die
brood geneem en dit vir hulle
gegee,[c] en net so ook die vis.
**14** Dit was dan nou die derde
keer[d] dat Jesus aan die dissipels
verskyn het nadat hy uit die
dode opgewek is.

**15** En toe hulle ontbyt ge-
eet het, het Jesus vir Simon
Petrus gesê: “Simon, seun van
Johannes, het jy my liewer as
hulle?”[e] Hy het vir hom ge-
sê: “Ja, Here, u weet dat ek
geneentheid vir u het.”[f] Hy het
vir hom gesê: “Voed my lam-
mers.”[g] **16** Weer het hy vir
hom gesê, ’n tweede keer: “Si-
mon, seun van Johannes, het
jy my lief?”[h] Hy het vir hom
gesê: “Ja, Here, u weet dat
ek geneentheid vir u het.” Hy
het vir hom gesê: “Hou as her-
der toesig oor my skapies.”[i]
**17** Hy het die derde keer vir
hom gesê: “Simon, seun van Jo-
hannes, het jy geneentheid vir
my?” Petrus het bedroef ge-
word dat hy die derde keer vir
hom gesê het: “Het jy geneent-
heid vir my?” Daarom het hy
vir hom gesê: “Here, u weet
alles;[a] u weet dat ek geneent-
heid vir u het.” Jesus het vir
hom gesê: “Voed my skapies.[b]
**18** Voorwaar, voorwaar, ek sê
vir jou: Toe jy jonger was, het
jy jouself omgord en rondge-
gaan waar jy wou. Maar wan-
neer jy oud word, sal jy jou
hande uitsteek en ’n ander sal
jou omgord[c] en jou bring waar
jy nie wil wees nie.”[d] **19** Dit
het hy gesê om aan te dui deur
watter soort dood[e] hy God sou
verheerlik.[f] En nadat hy dit ge-
sê het, het hy vir hom gesê:
“Hou aan om my te volg.”[g]

**20** Toe Petrus omdraai, het
hy die dissipel sien volg vir wie
Jesus lief was,[h] die een wat by
die aandmaal ook teen sy bors
teruggeleun en gesê het: “Here,
wie is die een wat u verraai?”
**21** Toe Petrus hom dan sien,
het hy vir Jesus gesê: “Here,
wat sal hierdie man doen?”
**22** Jesus het vir hom gesê: “As
dit my wil is dat hy bly totdat ek
kom,[i] wat gaan dit jou aan? Hou
jy aan om my te volg.” **23** Ge-
volglik het hierdie woord onder
die broers uitgegaan, dat daar-
die dissipel nie sou sterf nie. Je-
sus het egter nie vir hom gesê
dat hy nie sou sterf nie, maar:
“As dit my wil is dat hy bly tot-
dat ek kom,[j] wat gaan dit jou
aan?”

**24** Dit is die dissipel[k] wat
aangaande hierdie dinge getuig
en wat hierdie dinge geskryf
het, en ons weet dat die getuie-
nis wat hy gee, waar is.[l]

**25** Daar is in werklikheid
ook baie ander dinge wat Jesus
gedoen het, en as hulle ooit in
volle besonderhede opgeteken
sou word, sou die wêreld self,
veronderstel ek, die boekrolle
wat geskryf is, nie kon bevat
nie.[m]

**HFST. 21**
a 1Kn 19:6
b Han 10:41
c Lu 24:30
d Joh 20:19, Joh 20:26
e Joh 21:12
f Mt 26:33, Joh 17:26
g Lu 22:32, Han 20:28, 1Pe 5:2
h Joh 14:21
i Ps 95:7, Mt 10:6, Han 1:15, Han 2:14, Heb 13:20, 1Pe 2:25

**Tweede kol.**
a Mr 2:8, Joh 2:24, Joh 2:25, Joh 16:30
b Joh 10:3, Joh 10:16
c Han 21:11
d Han 12:3
e 2Pe 1:14
f Flp 1:20
g Mt 19:28, Joh 12:26, Op 14:4
h Joh 13:23, Joh 20:2
i Mt 16:27, Mt 25:31, 1Ko 4:5, Op 1:10, Op 22:20
j Op 1:1, Op 1:9
k Joh 13:23, Joh 19:26, Joh 20:2, Joh 21:7
l Joh 19:35, 3Jo 12
m Joh 20:30

# DIE HANDELINGE VAN DIE APOSTELS

**1** Die eerste verslag, o Teo′fi-
lus,[a] het ek opgestel oor al-
les wat Jesus begin doen en
leer het[b] **2** tot op die dag dat
hy opgeneem is,[c] nadat hy deur
heilige gees bevele gegee het
aan die apostels wat hy uitge-
kies het.[d] **3** Ook aan hulle het
hy, nadat hy gely het, deur tal-
le onbetwisbare bewyse getoon
dat hy lewe,[e] aangesien hy ge-
durende veertig dae deur hul-
le gesien is en hulle van die
dinge aangaande die konink-
ryk van God vertel het.[f] **4** En
terwyl hy saam met hulle ver-
gader het, het hy hulle beveel:
“Moenie van Jerusalem af weg-
gaan nie,[g] maar hou aan om
te wag op wat die Vader be-
loof het,[h] waarvan julle by my
gehoor het; **5** want Johannes
het wel met water gedoop, maar
nie baie dae hierna nie sal julle
in heilige gees gedoop word.”[i]

**6** En toe hulle bymekaarge-
kom het, het hulle hom ge-
vra: “Here, herstel u in hierdie
tyd die koninkryk[j] vir Israel?”
**7** Hy het vir hulle gesê: “Dit is
nie vir julle om kennis te ver-
kry van die tye of tydperke[k]
wat die Vader onder sy eie regs-
mag geplaas het nie;[l] **8** maar
julle sal krag ontvang[m] wan-
neer die heilige gees op julle
kom, en julle sal getuies[n] van
my wees in Jerusalem[o] sowel as
in die hele Jude′a en Samari′a[p]
en tot in die mees afgeleë deel
van die aarde.”[q] **9** En nadat
hy hierdie dinge gesê het, is hy
opgelig[r] terwyl hulle toegekyk
het, en ’n wolk het hom uit hul-
le gesig weggeneem.[s] **10** En
terwyl hulle die lug ingetuur
het onderwyl hy weggegaan
het,[a] kyk! toe het daar twee
manne in wit[b] klere langs hul-
le gestaan, **11** en hulle het ge-
sê: “Manne van Galile′a, waar-
om staan julle in die lug en kyk?
Hierdie Jesus wat van julle af in
die lug opgeneem is, sal net so
op dieselfde manier kom[c] as wat
julle hom die lug in sien gaan
het.”

**12** Toe het hulle na Jerusa-
lem teruggekeer[d] van ’n berg af
wat die Olyfberg genoem word,
wat naby Jerusalem is, ’n sab-
batsreis daarvandaan.[e] **13** En
toe hulle ingegaan het, het hul-
le opgegaan na die bovertrek[f]
waar hulle gebly het: Petrus so-
wel as Johannes en Jakobus
en Andre′as, Filippus en To-
mas, Bartolome′us en Matte′us,
Jakobus, die seun van Alfe′us,
en Simon, die ywerige, en Ju-
das, die seun van Jakobus.[g]
**14** Hulle het almal eendragtig
volhard in gebed,[h] saam met
’n aantal vroue[i] en Maria, die
moeder van Jesus, en met sy
broers.[j]

**15** En gedurende hierdie dae
het Petrus in die midde van die
broers opgestaan en gesê (die
skare was altesaam omtrent
honderd-en-twintig mense):
**16** “Manne, broers, die Skrifge-
deelte moes vervul word[k] wat
die heilige gees[l] vooraf deur die
mond van Dawid oor Judas[m] ge-
spreek het, wat ’n gids geword
het vir dié wat Jesus gearres-
teer het,[n] **17** want hy is onder
ons gereken[o] en het ’n aandeel
in hierdie bediening verkry.[p]
**18** (Hierdie selfde man dan het
’n stuk grond[q] met die loon vir
onregverdigheid[r] gekoop, en hy
het vooroor geval[s] en met ’n

**HFST. 1**

a Lu 1:3
b Lu 3:23
c Ef 4:10, 1Ti 3:16, 1Pe 3:22
d Mt 28:20, Lu 6:13, Joh 15:16
e Mt 28:9, Joh 20:19, 1Ko 15:6
f Lu 24:27
g Lu 24:49
h Joh 14:16, Han 2:33
i Jl 2:28, Mt 3:11, Mr 1:8
j Jes 1:26, Da 7:27, Mi 4:8, Lu 19:11, Lu 24:21
k Da 2:21, Da 7:25, Lu 21:24
l De 29:29, Mt 24:36
m Han 4:33
n Jes 43:10, Lu 24:48, Joh 15:27
o Han 5:28
p Han 8:14
q Kol 1:23
r Joh 6:62
s Lu 24:51

**Tweede kol.**

a 1Pe 3:22
b Mt 28:3, Lu 24:4
c Da 7:13, Mt 26:64, Op 1:7
d Lu 24:52
e Eks 16:29, Joh 11:18
f Han 9:37
g Mt 10:2, Mr 3:16
h Kol 4:2, 1Te 5:17
i Lu 23:49
j Mt 13:55, Joh 7:5, Ga 1:19
k Joh 13:18
l Mr 12:36
m Ps 41:9, Ps 55:12, Lu 22:47
n Joh 18:3
o Lu 6:16, Joh 6:71
p Mt 10:4
q Mt 27:5
r Sag 11:12, Mt 26:15, 2Pe 2:15
s Ps 55:23

harde geluid binne-in oopge-
bars, en al sy ingewande is uit-
gestort. **19** Dit het ook aan al
die inwoners van Jerusalem be-
kend geword, sodat daardie
stuk grond in hulle taal *Akel-
da′ma* genoem is, dit is Bloed-
grond.) **20** Want in die boek
van die Psalms staan daar ge-
skrywe: ‘Laat sy verblyfplek
woes word, en laat daar geen
bewoner daarin wees nie’,[a] en:
‘Laat iemand anders sy op-
sienersamp neem.’[b] **21** Dit is
dus nodig dat van die manne
wat saam met ons bymekaar-
gekom het gedurende al die
tyd waarin die Here Jesus on-
der ons in- en uitgegaan het,[c]
**22** vanaf sy doop deur Johan-
nes[d] en tot op die dag dat hy
van ons af opgeneem is,[e] dat
een van hierdie manne saam
met ons ’n getuie van sy opstan-
ding moet word.”[f]

**23** Toe het hulle twee voor-
gestel: Josef, wat Bar′sabbas ge-
noem is, met die bynaam Jus-
tus, en Matti′as. **24** En hulle
het gebid en gesê: “U, o Jeho-
vah, wat die harte van almal
ken,[g] wys uit hierdie twee man-
ne die een aan wat u gekies
het **25** om die plek van hier-
die bediening en apostelskap in
te neem,[h] waarvan Judas afge-
wyk het om na sy eie plek te
gaan.” **26** Toe het hulle die lot
oor hulle gewerp,[i] en die lot het
op Matti′as geval; en hy is saam
met die elf[j] apostels gereken.

**2** En in die loop van die dag
van die Pinksterfees[k] was
hulle almal op dieselfde plek by-
mekaar, **2** en skielik het daar
’n gedruis uit die hemel ge-
kom soos dié van ’n voortstu-
wende, stywe bries, en dit het
die hele huis gevul waarin hul-
le gesit het.[l] **3** En tonge soos
van vuur[m] het vir hulle sigbaar
geword en is verdeel, en een het
op elkeen van hulle gaan sit,
**4** en hulle is almal met heili-
ge gees vervul[a] en het in ander
tale begin praat,[b] net soos die
gees aan hulle gegee het om te
spreek.

**5** En in Jerusalem het daar
Jode gewoon,[c] godvresende
manne,[d] uit elke nasie van dié
onder die hemel. **6** En toe
hierdie geluid kom, het die me-
nigte bymekaargekom en was
hulle verbysterd, want elkeen
het hulle in sy eie taal hoor
praat. **7** Ja, hulle was verbaas
en het hulle begin verwonder
en gesê: “Kyk, almal wat daar
praat, is Galileërs,[e] nie waar
nie? **8** En hoe is dit dan dat
elkeen van ons sy eie taal hoor
waarin ons gebore is? **9** Par-
ters en Mede[f] en Elamiete,[g]
en die inwoners van Mesopo-
ta′mië, en Jude′a[h] en Kappado′-
sië,[i] Pontus[j] en die landstreek
Asië,[k] **10** en Fri′gië[l] en Pam-
fi′lië,[m] Egipte en die streke van
Libië, wat aan Sire′ne se kant
lê, en dié uit Rome wat hier
vertoef, Jode sowel as proselie-
te,[n] **11** Kretensers[o] en Ara-
biere,[p] ons hoor hulle in ons
tale oor die luisterryke dinge
van God praat.” **12** Ja, hulle
was almal verbaas en dronkge-
slaan, en die een het vir die an-
der gesê: “Wat beteken dit tog?”
**13** Ander het egter met hulle
die spot gedryf en begin sê:
“Hulle is vol soet wyn.”[q]

**14** Maar Petrus het saam
met die elf opgestaan[r] en sy
stem verhef en hulle soos volg
toegespreek: “Manne van Ju-
de′a en al julle inwoners van Je-
rusalem,[s] laat dít aan julle be-
kend wees en luister na my
woorde. **15** Hierdie mense is
in werklikheid nie dronk[t] soos
julle veronderstel nie, want dit

**HFST. 1**
a Ps 69:25
b Ps 109:8; 1Ti 3:1
c Joh 15:27
d Mt 3:13; Han 10:37
e Lu 24:51
f Mt 28:6; Mr 16:6; Han 1:9
g 1Sa 16:7; 1Kr 28:9; Jer 11:20; Han 15:8
h Joh 6:70
i Spr 16:33
j Mt 28:16

**HFST. 2**
k Le 23:16; De 16:9
l Han 4:31
m Mr 1:8

**Tweede kol.**
a Joh 14:26; Han 6:3; 1Pe 1:12
b Han 10:46; 1Ko 12:10
c Eks 23:17
d Han 22:12
e Mr 14:70; Han 1:11
f 2Kn 17:6
g Da 8:2
h Mt 24:16; Mr 1:5
i 1Pe 1:1
j Han 18:2
k Han 13:1; 1Pe 1:1
l Han 16:6; Han 18:23
m Han 13:13; Han 15:38
n Eks 12:48; Jes 56:6
o Tit 1:12
p 2Kr 17:11
q 1Sa 1:14
r Mt 28:16
s Han 7:2; Han 22:1
t Han 26:25; 1Te 5:7

is die derde uur van die dag.
**16** Inteendeel, dít is wat deur
middel van die profeet Joël gesê
is: **17** ‘“En in die laaste dae”,
sê God, “sal ek van my gees
op elke soort vlees uitstort,[a] en
julle seuns en julle dogters sal
profeteer en julle jong manne
sal visioene sien en julle ou
manne sal drome droom;[b]
**18** en selfs op my slawe en op
my slavinne sal ek in daardie
dae van my gees uitstort, en
hulle sal profeteer.[c] **19** En ek
sal voortekens bo in die hemel
en tekens onder op die aarde
gee: bloed en vuur en rookmis;[d]
**20** die son[e] sal in duisternis
verander word en die maan in
bloed voordat die groot en deur-
lugtige dag van Jehovah aan-
breek.[f] **21** En elkeen wat die
naam van Jehovah aanroep, sal
gered word.”’[g]

**22** “Manne van Israel, hoor
hierdie woorde: Jesus die Nasa-
rener,[h] ’n man wat in die open-
baar deur God aan julle getoon
is deur middel van kragtige
werke[i] en voortekens en te-
kens wat God deur hom onder
julle gedoen het,[j] net soos jul-
le self weet, **23** hierdie man,
wat volgens die vasgestelde
voorneme en voorkennis van
God oorgelewer is,[k] het jul-
le deur die hand van wettelo-
se mense aan ’n paal vasge-
maak en om die lewe gebring.[l]
**24** Maar God het hom opge-
wek[m] deur die smarte van die
dood te ontbind,[n] want dit was
nie moontlik dat hy blywend
daardeur vasgehou kon word
nie.[o] **25** Want Dawid sê van
hom: ‘Ek het Jehovah voortdu-
rend voor my oë gehad; want
hy is aan my regterhand so-
dat ek nooit sal wankel nie.[p]
**26** Daarom het my hart vrolik
geword en my tong hom groot-
liks verbly. En selfs my vlees sal
in hoop woon;[a] **27** want u sal
my siel nie in Ha′des laat nie, en
ook sal u nie toelaat dat hy wat
teenoor u lojaal is, verderwing
sien nie.[b] **28** U het aan my die
weë van die lewe bekend ge-
maak, u sal my vervul met vro-
likheid voor u aangesig.’[c]

**29** “Manne, broers, dit is ge-
oorloof om met vrymoedigheid
van spraak met julle oor die fa-
miliehoof Dawid te praat, dat hy
gesterf het[d] en ook begrawe is,
en sy graf is tot vandag toe by
ons. **30** Omdat hy dan ’n pro-
feet was en geweet het dat God
met ’n eed vir hom gesweer het
dat hy een uit die vrug van
sy lendene op sy troon sou laat
sit,[e] **31** het hy die opstanding
van die Christus vooraf gesien
en daaroor gepraat, dat hy nie
in Ha′des verlaat is en sy vlees
ook nie verderwing gesien het
nie.[f] **32** Hierdie Jesus het God
opgewek, ’n feit waarvan ons al-
mal getuies is.[g] **33** Omdat hy
dan tot die regterhand van God
verhef is[h] en die beloofde hei-
lige gees van die Vader ont-
vang het,[i] het hy dít uitgestort
wat julle sien en hoor. **34** Da-
wid het in werklikheid nie na
die hemele opgevaar nie,[j] maar
hy sê self: ‘Jehovah het vir my
Here gesê: “Sit aan my reg-
terhand[k] **35** totdat ek jou vy-
ande ’n voetbank vir jou voe-
te maak.”’[l] **36** Laat die hele
huis van Israel dan vir seker
weet dat God hom Here[m] sowel
as Christus gemaak het, hierdie
Jesus wat julle aan die paal ge-
hang het.”[n]

**37** En toe hulle dit hoor, is
hulle diep in die hart getref,[o] en
hulle het vir Petrus en die res
van die apostels gesê: “Manne,
broers, wat moet ons doen?”[p]
**38** Petrus het vir hulle gesê:

**HFST. 2**

a Jes 44:3, Ese 36:27, Sag 12:10
b Jl 2:28
c Nu 11:29, Jl 2:29, Han 21:4, 1Ko 12:10
d Jl 2:30
e Mt 24:29
f Jl 2:31, Mr 13:24
g Jl 2:32, Ro 10:13
h Mt 2:23
i Lu 24:19, Joh 5:36
j Joh 14:10, Heb 2:4
k Lu 24:44, Joh 19:11, Han 4:28, 1Pe 1:20
l Lu 23:33, Han 5:30, Han 7:52
m Ps 16:10, Han 3:15, Ro 4:24, 1Ko 6:14, Kol 2:12, Heb 13:20
n Ps 9:13
o Joh 10:18
p Ps 16:8

**Tweede kol.**

a Ps 16:9
b Ps 16:10, Han 13:35
c Ps 16:11
d 1Kn 2:10, Han 13:36
e 2Sa 7:12, Ps 89:4, Ps 132:11
f Ps 16:10, Han 13:35, Han 13:37
g Lu 24:48, Han 1:8, Han 3:15
h Ro 8:34, Flp 2:9, 1Pe 3:22
i Joh 14:26, Han 1:4
j Joh 3:13
k Ps 110:1
l Ge 3:15, Lu 20:43, 1Ko 15:25, Heb 10:13
m Mt 28:18, Joh 3:35, Han 5:31
n Joh 19:6, Han 4:10
o 2Sa 24:10, Ps 73:21
p Lu 3:10, Han 16:30

“Toon berou,[a] en laat elkeen
van julle in die naam[b] van Jesus
Christus gedoop[c] word tot ver-
gifnis[d] van julle sondes, en jul-
le sal die heilige gees as vrye
gawe[e] ontvang. **39** Want die
belofte[f] behoort aan julle en jul-
le kinders en aan almal wat ver
weg is,[g] almal wat Jehovah ons
God na hom toe roep.”[h] **40** En
met baie ander woorde het hy
deeglik getuig en hulle bly ver-
maan en gesê: “Laat julle uit
hierdie verdorwe geslag red.”[i]
**41** Dié wat sy woord van har-
te aangeneem het, is dus ge-
doop,[j] en op daardie dag is
omtrent drieduisend siele byge-
voeg.[k] **42** En hulle het voort-
gegaan om hulle toe te lê op die
leer van die apostels en op me-
dedeelsaamheid,[l] op die eet van
maaltye[m] en op gebede.[n]

**43** Ja, vrees het op elke siel
begin val, en baie voortekens
en tekens het deur middel van
die apostels begin plaasvind.[o]
**44** Almal wat gelowiges ge-
word het, was bymekaar en
het alles gemeenskaplik besit,[p]
**45** en hulle het hulle besit-
tings[q] en eiendomme verkoop
en die opbrengs onder almal
verdeel, volgens elkeen se be-
hoefte.[r] **46** En hulle was dag
vir dag voortdurend eendragtig
in die tempel aanwesig,[s] en hul-
le het hulle maaltye in pri-
vaat wonings geëet en voedsel
met groot vreugde[t] en opregt-
heid van hart geniet, **47** ter-
wyl hulle God geloof en by die
hele volk guns gevind het.[u] Ter-
selfdertyd het Jehovah voort-
gegaan om daagliks dié wat ge-
red word,[v] by hulle te voeg.[w]

**3** En Petrus en Johannes het
na die tempel opgegaan vir
die uur van gebed, die negen-
de uur,[x] **2** en ’n sekere man
wat van sy moeder se skoot[a]
af kreupel was, is aangedra, en
hulle het hom elke dag neer-
gesit naby die tempeldeur wat
Mooi[b] genoem is, om barm-
hartigheidsgawes te vra van
dié wat in die tempel ingaan.[c]
**3** Toe hy Petrus en Johannes
sien net toe hulle by die tem-
pel wou ingaan, het hy barm-
hartigheidsgawes begin ver-
soek.[d] **4** Maar Petrus, asook
Johannes, het hom stip aange-
kyk[e] en gesê: “Kyk na ons.”
**5** Toe het hy sy aandag op hul-
le gevestig in die verwagting
dat hy iets van hulle sou kry.
**6** Petrus het egter gesê: “Sil-
wer en goud besit ek nie, maar
wat ek het, dit gee ek vir jou:[f] In
die naam van Jesus Christus die
Nasarener,[g] loop!”[h] **7** Daarop
het hy hom by die regterhand[i]
gevat en hom opgehelp. Oom-
bliklik het sy voetsole en sy en-
kelbene sterk geword;[j] **8** en
hy het opgespring[k] en regop
gestaan en begin rondloop, en
hy het saam met hulle in die
tempel ingegaan[l] terwyl hy ge-
loop en gespring en God ge-
loof het. **9** En die hele volk[m]
het gesien hoe hy loop en God
loof. **10** En hulle het hom be-
gin herken, dat dit die man was
wat gewoonlik vir barmhartig-
heidsgawes by die tempel se
Mooipoort[n] gesit het, en hulle
is vervul met verbasing en was
in vervoering[o] oor wat met hom
gebeur het.

**11** Wel, terwyl die man aan
Petrus en Johannes vasgehou
het, het die hele volk, wat bui-
te hulleself van verbasing was,
op hulle toegestroom by wat Sa-
lomo se pilaargang[p] genoem is.
**12** Toe Petrus dit sien, het hy
vir die volk gesê: “Manne van
Israel, waarom is julle hieroor

**HFST. 2**
a Lu 24:47, Han 17:30, Han 26:20
b Flp 2:9, Op 19:16
c Mt 28:19
d Jes 44:22, Mt 26:28, Ef 1:7
e Han 8:20
f Jl 2:28
g Jes 57:19, Ef 2:17
h Jl 2:32
i De 32:5, Ps 78:8, Ga 1:4, Flp 2:15
j Han 8:12, Han 18:8
k Jes 60:22, Han 4:4, Han 5:14
l Flp 1:5
m Han 2:46
n Han 1:14
o Han 5:12, Han 19:17
p Han 4:32
q Mt 19:21
r Jes 58:7, Han 4:34
s Lu 24:53
t Pr 9:7
u Ro 14:18
v Han 5:14, Han 11:21, Han 11:24
w Ps 115:14, 1Ko 3:7

**HFST. 3**
x Han 10:30

**Tweede kol.**
a Joh 9:1, Han 14:8
b Han 3:10
c Joh 9:8
d Lu 11:41
e Han 14:9
f 2Ko 6:10
g Mt 2:23, Han 4:10
h Han 3:16
i Mt 9:25, Lu 6:6
j Mt 8:15, Joh 5:8, Han 9:34, Han 14:10
k Jes 35:6
l Joh 5:14
m Han 4:21
n Joh 9:8, Han 3:2
o Mr 5:42
p Joh 10:23, Han 5:12

verwonderd, of waarom staar
julle ons aan asof ons hom
deur ons eie krag of godvrug-
tige toegewydheid laat loop
het?[a] **13** Die God van Abra-
ham en van Isak en van Jakob,[b]
die God van ons voorvaders,
het sy Kneg,[c] Jesus, verheer-
lik,[d] wat júlle oorgelewer[e] en
voor Pilatus se aangesig ver-
loën het nadat hy besluit het
om hom vry te laat.[f] **14** Ja,
julle het dié heilige en regverdi-
ge[g] verloën, en julle het ge-
vra dat 'n man, 'n moorde-
naar,[h] aan julle geskenk word,
**15** terwyl julle die Hoofbewer-
ker van die lewe[i] doodgemaak
het. Maar God het hom uit die
dode opgewek, 'n feit waarvan
ons getuies is.[j] **16** Gevolglik
het sy naam, deur ons geloof
in sy naam, hierdie man, wat
julle sien en ken, sterk gemaak,
en die geloof wat deur hom is,
het die man hierdie algehele ge-
sondheid ten aanskoue van jul-
le almal gegee. **17** En ek weet
dan nou, broers, dat julle in
onkunde gehandel het,[k] soos
ook julle heersers.[l] **18** Maar
op hierdie manier het God
die dinge vervul wat hy voor-
af deur die mond van al die
profete aangekondig het, dat sy
Christus sou ly.[m]

**19** "Toon dus berou[n] en draai
om[o] sodat julle sondes uitge-
wis kan word,[p] dat tye van
verkwikking[q] van die aangesig
van Jehovah kan kom **20** en
dat hy die Christus kan uit-
stuur wat vir julle aangestel
is, Jesus, **21** wat inderdaad
deur die hemel self gehou moet
word[r] tot die tye van die her-
stel[s] van alles waarvan God
deur die mond van sy heili-
ge profete[t] van die ou tyd ge-
spreek het. **22** Trouens, Mo-
ses het gesê: 'Jehovah God sal
vir julle uit die midde van jul-
le broers 'n profeet soos ek ver-
wek.[a] Julle moet na hom luis-
ter volgens alles wat hy vir
julle sê.[b] **23** Ja, enige siel wat
nie na dié Profeet luister nie,
sal heeltemal onder die volk uit
vernietig word.'[c] **24** En al die
profete, trouens, van Samuel af
en dié wat gevolg het, almal wat
gespreek het, het hierdie dae
ook duidelik bekend gemaak.[d]
**25** Julle is die kinders[e] van die
profete en van die verbond wat
God met julle voorvaders ge-
sluit het toe hy vir Abraham
gesê het: 'En in jou saad sal al
die families van die aarde ge-
seën word.'[f] **26** Nadat God sy
Kneg verwek het, het hy hom
eers[g] na julle toe uitgestuur om
julle te seën deur elkeen van
julle af te keer van julle godde-
lose dade."

**4** En terwyl die twee met die
volk gepraat het, het die
hoofpriesters en die hoofman
van die tempel[h] en die Saddu-
seërs[i] op hulle afgekom, **2** er-
gerlik omdat hulle die volk ge-
leer en die opstanding uit die
dode in die geval van Jesus
duidelik verkondig het;[j] **3** en
hulle het die hande aan hulle
geslaan en hulle tot die volgen-
de dag onder bewaking gestel,[k]
want dit was al aand. **4** Baie
van dié wat na die toespraak
geluister het, het egter geglo,[l]
en die getal van die manne het
omtrent vyfduisend geword.[m]

**5** Die volgende dag was daar
'n vergadering van hulle heer-
sers en ouer manne en skrifge-
leerdes[n] in Jerusalem **6** (ook
Annas,[o] die hoofpriester, en
Ka′jafas[p] en Johannes en
Aleksander en almal wat van
die hoofpriester se familie was),
**7** en hulle het hulle in hulle

**HFST. 3**
a 2Ko 3:5
b Eks 3:6; Mt 22:32
c Jes 52:13; Jes 53:11
d Joh 7:39; Flp 2:9
e Han 2:23; Han 5:30
f Mt 27:21; Lu 23:14
g 1Jo 2:1
h Mt 27:20; Lu 23:18
i Han 5:31; Heb 2:10
j Lu 24:48; Han 1:8; Han 2:32
k Lu 23:34; Joh 16:3; 1Ti 1:13
l 1Ko 2:8
m Ps 22:16; Ps 118:22; Jes 50:6; Jes 53:8; Da 9:26; Lu 22:15
n Han 2:38
o Ese 33:11; Ef 4:22; 1Pe 4:3
p Ese 33:16; 1Jo 1:7
q Jes 28:12
r Ps 110:1
s Mt 17:11
t Jes 1:26

**Tweede kol.**
a De 18:15; De 34:10
b De 18:18; Han 7:37
c De 18:19
d Lu 24:27; Han 10:43
e Ro 9:4
f Ge 22:18; Ga 3:8
g Han 13:46; Ro 1:16

**HFST. 4**
h Lu 22:4
i Han 23:8
j Han 4:33; Han 17:18
k Lu 21:12
l 1Ti 3:16
m Han 2:41; Han 6:7
n Mr 13:9
o Lu 3:2; Joh 18:13
p Mt 26:57; Lu 3:2; Joh 11:49

midde laat staan en begin vra:
“Deur watter krag of in wie
se naam het julle dit gedoen?”[a]
**8** Toe het Petrus, vervul met
heilige gees,[b] vir hulle gesê:
“Heersers van die volk en
ouer manne, **9** as ons vandag
op grond van ’n weldaad aan
’n siek mens[c] ondervra word
oor wie hierdie man gesond ge-
maak het, **10** laat dit dan aan
julle almal en aan die hele volk
Israel bekend wees dat in die
naam van Jesus Christus die
Nasarener,[d] wat julle aan die
paal gehang het[e] maar wat God
uit die dode opgewek het,[f] dat
deur hóm hierdie man hier ge-
sond voor julle staan. **11** Dit
is ‘die steen wat deur julle, die
bouers, behandel is asof hy van
geen belang was nie, wat die
hoof van die hoek geword het’.[g]
**12** Daarbenewens is daar geen
redding in enigiemand anders
nie, want daar is nie ’n ander
naam[h] onder die hemel wat on-
der die mense gegee is waar-
deur ons gered moet word nie.”[i]
**13** En toe hulle die uitge-
sprokenheid van Petrus en Jo-
hannes sien en bemerk dat hul-
le ongeleerde en gewone mense
is,[j] was hulle verwonderd. En
hulle het hulle begin herken as
persone wat saam met Jesus
was;[k] **14** en aangesien hulle
die man wat genees is, by hul-
le sien staan het,[l] kon hulle
niks daarteen sê nie.[m] **15** Toe
het hulle hulle beveel om uit
die San’hedrinsaal uit te gaan,
en hulle het met mekaar begin
beraadslaag **16** en gesê: “Wat
moet ons met hierdie mense
doen?[n] Want daar het inder-
daad ’n merkwaardige teken
deur hulle plaasgevind, een wat
openbaar geword het aan al
die inwoners van Jerusalem;[o]
en ons kan dit nie ontken nie.
**17** Maar laat ons, sodat dit nie
verder onder die volk versprei
nie, hulle met dreigemente aan-
sê om nie meer in hierdie naam
met ’n enkele mens te praat
nie.”[a]
**18** Daarop het hulle hulle ge-
roep en hulle beveel om nêrens
enigiets in die naam van Jesus
te sê of te leer nie. **19** Maar
Petrus en Johannes het geant-
woord en vir hulle gesê: “Of dit
regverdig is in God se oë om
na julle eerder as na God te
luister, moet julle self oordeel.
**20** Maar wat ons betref, ons
kan nie ophou praat oor die
dinge wat ons gesien en gehoor
het nie.”[b] **21** Nadat hulle hul-
le dan nog verder gedreig het,
het hulle hulle vrygelaat, aan-
gesien hulle geen grond gevind
het om hulle te straf nie, en
weens die volk,[c] omdat hulle al-
mal God verheerlik het oor wat
gebeur het; **22** want die man
aan wie hierdie teken van ge-
nesing plaasgevind het, was
meer as veertig jaar oud.
**23** Nadat hulle vrygelaat is,
het hulle na hulle eie mense toe
gegaan[d] en vertel wat die hoof-
priesters en die ouer manne
vir hulle gesê het. **24** Toe hul-
le dit hoor, het hulle eendrag-
tig die stem tot God verhef[e] en
gesê:
“Soewereine[f] Heer, u is die
Een wat die hemel en die aarde
en die see en alles wat in hul-
le is, gemaak het,[g] **25** en wat
deur middel van heilige gees
deur die mond van ons voorva-
der Dawid,[h] u kneg, gesê het:
‘Waarom het nasies onstuimig
geword en volke leë dinge be-
dink?[i] **26** Die konings van die
aarde het stelling ingeneem en
die heersers het soos een man
saamgespan teen Jehovah en
teen sy gesalfde.’[j] **27** Net so

**HFST. 4**
a Mt 21:23; Mr 11:28; Lu 20:2
b Han 7:55
c Han 3:7
d Mt 2:23; Han 3:6
e Han 2:36
f Han 2:24; Han 5:30
g Ps 118:22; Jes 28:16; Mt 21:42; 1Pe 2:7
h Mt 1:21; Han 10:43; Flp 2:9
i Joh 1:12; Joh 14:6; 1Ti 2:5
j Mt 11:25; 1Ko 1:27
k Joh 7:15
l Han 3:11
m Lu 21:15
n Joh 11:47
o Han 3:9

**Tweede kol.**
a Han 5:40
b Han 5:29; 2Pe 1:16
c Lu 22:2; Han 5:26
d Han 12:12
e Ps 55:16
f Op 6:10
g Eks 20:11; Ne 9:6; Ps 146:6; Op 10:6
h 2Sa 23:2
i Ps 2:1
j Ps 2:2

het Herodes sowel as Pontius
Pilatus,[a] saam met mense van
die nasies en volke van Israel,
in werklikheid in hierdie stad
bymekaargekom teen u heilige[b]
kneg Jesus, wat u gesalf het,[c]
**28** om te doen wat u hand en
voorneme voorbestem het om
plaas te vind.[d] **29** En nou, Je-
hovah, skenk aandag aan hulle
dreigemente,[e] en gee aan u
slawe om u woord met alle
vrymoedigheid te bly spreek,[f]
**30** terwyl u u hand uitsteek
tot genesing en terwyl tekens
en voortekens[g] deur die naam[h]
van u heilige kneg[i] Jesus plaas-
vind.”

**31** En nadat hulle ’n smeek-
bede gedoen het, is die plek
waarin hulle bymekaar was, ge-
skud;[j] en hulle is almal son-
der uitsondering met die heilige
gees vervul[k] en het die woord
van God met vrymoedigheid
gespreek.[l]

**32** En die menigte van dié
wat geglo het, was een van hart
en siel,[m] en nie eers een het ge-
sê dat enige van sy besit-
tings sy eie was nie; maar hulle
het alles gemeenskaplik be-
sit.[n] **33** Ook het die apostels
met groot krag voortgegaan om
die getuienis aangaande die op-
standing van die Here Jesus te
gee;[o] en ’n groot mate van on-
verdiende goedhartigheid het
op hulle almal gerus. **34** Trou-
ens, daar was nie een onder
hulle wat gebrek gely het nie;[p]
want almal wat grond of hui-
se besit het, het dit verkoop
en die opbrengs gebring van
wat verkoop is **35** en dit by
die voete van die apostels neer-
gelê.[q] Daarop is aan elkeen
uitgedeel[r] volgens sy behoef-
te. **36** En Josef, wat deur die
apostels die bynaam Bar′na-
bas[s] gegee is—wat, wanneer dit
vertaal word, Seun van Ver-
trosting beteken—’n Leviet,
’n boorling van Siprus, **37** het
’n stuk grond besit en dit ver-
koop en die geld gebring en dit
by die voete van die apostels
neergelê.[a]

**5** Maar ’n sekere man met die
naam Anani′as het, saam
met sy vrou Saffi′ra, ’n eien-
dom verkoop **2** en in die ge-
heim van die prys agtergehou,
terwyl sy vrou ook daarvan ge-
weet het, en hy het net ’n
deel gebring en dit by die voete
van die apostels neergelê.[b]
**3** Maar Petrus het gesê: “Ana-
ni′as, waarom het jy jou deur
Satan[c] laat oorhaal om oneerlik
op te tree[d] teenoor die heilige
gees[e] en om in die geheim van
die prys van die grond agter te
hou? **4** Het dit nie joune ge-
bly solank dit in jou besit gebly
het nie, en was dit nie steeds
onder jou beheer nadat dit ver-
koop is nie? Waarom het jy jou
so ’n daad in jou hart voorge-
neem? Jy het nie teenoor men-
se oneerlik opgetree[f] nie, maar
teenoor God.”[g] **5** Toe Anani′-
as hierdie woorde hoor, het hy
neergeval en gesterf.[h] En groot
vrees[i] het oor almal gekom wat
daarvan gehoor het. **6** Maar
die jonger manne het opge-
staan, hom in doeke toegedraai[j]
en hom uitgedra en begrawe.

**7** En ná ’n tussenpose van
omtrent drie uur het sy vrou in-
gekom sonder om te weet wat
gebeur het. **8** Petrus het vir
haar gesê: “Sê vir my, het jul-
le twee die grond vir soveel
verkoop?” Sy het gesê: “Ja, vir
soveel.” **9** Toe het Petrus vir
haar gesê: “Waarom het julle
twee ooreengekom om die gees
van Jehovah op die proef te
stel?[k] Kyk! Die voete van dié

**HFST. 4**
a Lu 23:12
b Han 3:13; Heb 7:26
c Ps 45:7; Han 10:38
d Jes 53:10; Lu 24:44; Han 2:23; 1Pe 1:20
e Jes 37:17
f Jes 58:1; Han 19:8
g Han 2:43; Han 5:12
h Han 3:16
i Han 3:26
j Han 2:2
k Han 2:4
l 1Te 2:2
m Joh 17:21; Flp 1:27
n Han 2:44
o Han 1:22; Han 4:2
p De 15:4; Han 2:45; 1Jo 3:17
q Han 5:2
r Han 6:1
s Han 11:22; Han 12:25

**Tweede kol.**
a Spr 3:9; Lu 12:33

**HFST. 5**
b Han 4:35
c Lu 22:3
d Ps 101:7; Ps 119:118; Ef 4:25; Kol 3:9; Op 21:8
e Nu 30:2; Pr 5:4; Han 5:9
f De 23:23
g 1Sa 2:25
h 1Pe 4:17
i Han 2:43; Han 5:11
j Joh 19:40
k Eks 17:2; Ps 95:9; Mt 4:7; Lu 4:12; 1Ko 10:9

wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra." **10** Oombliklik het sy voor sy voete neergeval en gesterf.[a] Toe die jong manne inkom, het hulle haar dood gevind, en hulle het haar uitgedra en haar langs haar man begrawe. **11** Gevolglik het groot vrees oor die hele gemeente gekom en oor almal wat van hierdie dinge gehoor het.

**12** En deur die hande van die apostels het daar baie tekens en voortekens onder die volk plaasgevind;[b] en hulle was almal eendragtig saam in Salomo se pilaargang.[c] **13** Nie een van die ander het weliswaar die moed gehad om by hulle aan te sluit nie;[d] nietemin het die volk hulle geprys.[e] **14** Wat meer is, gelowiges in die Here is voortdurend bygevoeg, menigtes van manne sowel as vroue;[f] **15** sodat hulle die siekes selfs op die breë strate uitgebring en hulle daar op bedjies en draagbeddens neergelê het, sodat ten minste Petrus se skaduwee op iemand van hulle sou val wanneer hy verbygaan.[g] **16** Ook het die menigte uit die stede rondom Jerusalem bly saamstroom en siekes gebring en dié wat las van onrein geeste gehad het, en hulle is almal sonder uitsondering genees.

**17** Maar die hoëpriester en almal wat saam met hom was, die destydse sekte van die Sadduseërs, het opgestaan en is met jaloesie vervul,[h] **18** en hulle het die hande aan die apostels geslaan en hulle in die openbare plek van bewaking gesit.[i] **19** Maar gedurende die nag het Jehovah se engel[j] die deure van die gevangenis oopgemaak,[k] hulle uitgebring en gesê: **20** "Gaan, en nadat julle in die tempel gaan staan het, moet julle aanhou om al die woorde omtrent hierdie lewe tot die volk te spreek."[a] **21** Nadat hulle dit gehoor het, het hulle met dagbreek in die tempel ingegaan en begin leer.

En toe die hoëpriester en dié wat saam met hom was, daar aankom, het hulle die San′hedrin en die hele vergadering van ouer manne van die kinders van Israel[b] bymekaargeroep, en hulle het na die tronk gestuur om hulle te laat haal. **22** Maar toe die beamptes daar kom, het hulle hulle nie in die gevangenis gevind nie. Daarop het hulle teruggekeer en berig gebring **23** en gesê: "Ons het die tronk in alle veiligheid toegesluit gevind, en die wagte het by die deure gestaan, maar toe ons oopmaak, het ons niemand binne-in gevind nie." **24** Wel, toe die hoofman van die tempel sowel as die hoofpriesters hierdie woorde hoor, het hulle nie geweet wat hulle omtrent hierdie dinge moet doen en waarop dit sou uitloop nie.[c] **25** Maar 'n sekere man het daar aangekom en vir hulle vertel: "Kyk! Die manne wat julle in die gevangenis gesit het, is in die tempel en staan en leer die volk."[d] **26** Daarop het die hoofman met sy beamptes gegaan en hulle gebring, maar sonder geweld, want hulle was bang[e] dat hulle deur die volk gestenig sou word.

**27** Toe het hulle hulle gebring en hulle in die San′hedrinsaal laat staan. En die hoëpriester het hulle ondervra **28** en gesê: "Ons het julle uitdruklik beveel[f] om nie voort te gaan om in hierdie naam te leer nie, en kyk! julle het Jerusalem nietemin met julle leer vervul,[g]

**HFST. 5**
a Han 5:5
b Han 4:30; Han 6:8; Han 7:36; Han 14:3; Han 15:12; Ro 15:19; 2Ko 12:12
c Joh 10:23; Han 3:11
d Joh 19:38
e Han 2:47
f Han 6:7
g Mt 9:21; Mt 14:36; Mr 6:56
h Spr 27:4; Mt 27:18
i Lu 21:12; Han 4:3
j Ps 34:7; Han 12:7; Heb 1:14
k Han 16:26

**Tweede kol.**
a Joh 6:68
b Han 4:5
c Han 4:1
d Han 4:20
e Mt 14:5; Lu 20:19
f Han 4:18
g Joh 12:19

en julle is vasbeslote om die
bloed[a] van hierdie man oor ons
te bring.” **29** Petrus en die
ander apostels het geantwoord
en gesê: “Ons moet eerder aan
God as heerser gehoorsaam
wees as aan mense.[b] **30** Die
God van ons voorvaders het Je-
sus opgewek,[c] wat julle omge-
bring het deur hom aan ’n paal
te hang.[d] **31** Hom het God as
Hoofbewerker[e] en Redder[f] tot
sy regterhand[g] verhef, om aan
Israel berou[h] en vergifnis van
sondes[i] te skenk. **32** En ons is
getuies van hierdie sake,[j] en so
ook die heilige gees,[k] wat God
aan dié gegee het wat hom as
heerser gehoorsaam.”

**33** Toe hulle dit hoor, het
hulle diep gegrief gevoel en
wou hulle hulle om die lewe
bring.[l] **34** Maar ’n sekere man
het in die San′hedrin opge-
staan, ’n Fariseër met die naam
Gama′liël,[m] ’n leermeester van
die Wet wat by die hele volk
in aansien was, en hy het be-
veel dat die manne vir ’n klein
rukkie na buite geneem moet
word.[n] **35** En hy het vir hulle
gesê: “Manne van Israel,[o] let op
julleself met betrekking tot wat
julle van plan is om met hier-
die manne te doen. **36** By-
voorbeeld, voor hierdie dae het
Teudas opgestaan en gesê dat
hy iemand besonders is,[p] en
’n aantal manne, omtrent vier-
honderd, het by sy party aange-
sluit.[q] Maar hy is om die lewe
gebring, en almal wat hom ge-
hoorsaam het, is verstrooi en
het niks bereik nie. **37** Ná
hom het Judas die Galileër in
die dae van die registrasie op-
gestaan,[r] en hy het mense ag-
ter hom aan getrek. En tog het
dié man omgekom, en almal wat
hom gehoorsaam het, is oral
verstrooi. **38** En in die huidi-
ge omstandighede sê ek dus vir
julle: Moet julle nie met hier-
die manne bemoei nie, maar
laat staan hulle (want as hier-
die plan of hierdie werk uit
mense is, sal dit omvergewerp
word;[a] **39** maar as dit uit God
is,[b] sal julle hulle nie kan keer
nie);[c] anders kan daar miskien
bevind word dat julle eintlik
teen God stry.”[d] **40** Hierop
het hulle aan hom gehoor ge-
gee, en hulle het die apostels
ontbied, hulle geslaan[e] en hulle
beveel om op te hou om in Jesus
se naam te spreek[f] en hulle laat
gaan.

**41** Hulle het toe van die San′-
hedrin af weggegaan, bly[g] om-
dat hulle waardig geag is om ter
wille van sy naam oneer te ly.[h]
**42** En hulle het elke dag in
die tempel en van huis tot huis[i]
sonder ophou voortgegaan om
te leer[j] en die goeie nuus oor
die Christus, Jesus, bekend te
maak.[k]

**6** En in dié dae, toe die dis-
sipels vermeerder het, het
daar ’n murmurering ontstaan
van die Griekssprekende[l] Jode
teen die Hebreeussprekende
Jode, omdat hulle weduwees in
die daaglikse uitdeling oor die
hoof gesien is.[m] **2** Toe het die
twaalf die menigte dissipels na
hulle toe geroep en gesê: “Dit
behaag ons nie om die woord
van God te laat staan om voed-
sel aan tafels uit te deel nie.[n]
**3** Daarom, broers, soek[o] vir jul-
le sewe manne van goeie ge-
tuienis onder julle uit, vol
gees en wysheid,[p] dat ons hulle
oor hierdie nodige aangeleent-
heid kan aanstel; **4** maar ons
sal ons aan gebed en aan die
bediening van die woord wy.”[q]
**5** En die woord het by die hele
menigte byval gevind, en hulle

**HFST. 5**

a Mt 27:25; Han 3:15
b 1Sa 15:22; Da 3:18; Joh 14:15; Han 4:19
c Han 2:24; Han 13:30
d Han 2:23; Han 10:39; Ga 3:13; 1Pe 2:24
e Han 3:15
f Mt 1:21; Heb 2:10
g Han 2:33; Flp 2:9
h Han 2:38
i Jes 53:11; Lu 24:47; Han 10:43; Han 13:38
j Lu 24:48; Han 1:8; Han 1:22
k Joh 15:26
l Han 7:54
m Han 22:3
n Han 4:15
o Han 2:22
p Han 8:9
q Han 21:38
r Lu 2:2

**Tweede kol.**

a Ps 127:1; Spr 21:30; Mt 15:13
b Jes 26:12; Ro 8:31
c Jes 8:10
d Han 26:14
e Mt 10:17; Mr 13:9; Lu 20:10; Han 22:19
f Han 4:18
g Mt 5:12; Han 16:25; Ro 5:3; 2Ko 12:10; Flp 1:29; Heb 10:34; 1Pe 4:13
h Han 9:16
i Han 20:20
j Han 2:46; Han 4:31; Han 18:5
k 2Ko 10:14

**HFST. 6**

l Han 9:29
m Han 4:35; 1Ti 5:3; Jak 1:27
n Eks 18:18
o De 1:13
p Han 6:10; Han 16:2; 1Ti 3:7
q Han 2:42

het Ste′fanus gekies, ’n man vol
geloof en heilige gees,[a] en Filip-
pus[b] en Pro′gorus en Nika′nor
en Timon en Par′menas en Ni-
kola′us, ’n proseliet van Antio-
gi′ë; **6** en hulle het hulle voor
die apostels gestel, en dié het
hulle, nadat hulle gebid het, die
hande opgelê.[c]
**7** Gevolglik het die woord
van God aangehou groei,[d] en
die aantal dissipels het in Je-
rusalem geweldig bly toeneem;[e]
en ’n groot menigte priesters[f]
het aan die geloof gehoorsaam
geword.[g]
**8** En Ste′fanus, vol guns en
krag, het groot voortekens en
tekens[h] onder die volk gedoen.
**9** Maar sommige van dié wat
tot die sogenaamde Sinagoge
van die Vrygelatenes behoort
het, en van die Sirene′ërs en
Aleksandryne[i] en van dié wat
uit Sili′sië[j] en Asië was, het
opgestaan om met Ste′fanus te
redeneer; **10** en tog was hul-
le nie opgewasse teen die wys-
heid[k] en die gees waarmee hy
gepraat het nie.[l] **11** Toe het
hulle in die geheim manne oor-
gehaal om te sê:[m] “Ons het hom
lasterlike[n] woorde teen Moses
en God hoor sê.” **12** En hul-
le het die volk en die ouer man-
ne en die skrifgeleerdes opge-
stook, en hulle het skielik op
hom afgekom en hom met ge-
weld gegryp en hom na die
San′hedrin gelei.[o] **13** En hul-
le het valse getuies voorge-
bring,[p] wat gesê het: “Hierdie
man hou nie op om dinge teen
hierdie heilige plek en teen
die Wet te sê nie.[q] **14** Ons
het hom byvoorbeeld hoor sê
dat hierdie Jesus die Nasare-
ner hierdie plek sal afbreek en
die gebruike wat Moses aan ons
oorgelewer het, sal verander.”
**15** En terwyl almal wat in
die San′hedrin gesit het, hom
stip aangekyk het,[a] het hulle
gesien dat sy gesig soos die ge-
sig van ’n engel is.[b]

**7** Maar die hoëpriester het
gesê: “Is hierdie dinge so?”
**2** Hy het gesê: “Manne, broers
en vaders, hoor. Die God van
heerlikheid[c] het aan ons voor-
vader Abraham verskyn terwyl
hy in Mesopota′mië was, voor-
dat hy hom in Haran gevestig
het,[d] **3** en hy het vir hom ge-
sê: ‘Trek weg uit jou land en
van jou familielede en kom na
die land wat ek jou sal wys.’[e]
**4** Toe het hy uit die land van
die Galdeërs weggetrek en hom
in Haran gevestig. En daarvan-
daan het God hom, nadat sy va-
der gesterf het,[f] van woonplek
laat verander, na hierdie land
waarin julle nou woon.[g] **5** En
tog het hy hom geen erfbesit-
ting daarin gegee nie, nee, nie
’n voetbreedte nie;[h] maar hy
het beloof om dit as ’n besit-
ting aan hom te gee,[i] en ná
hom aan sy saad,[j] hoewel hy
nog geen kind gehad het nie.[k]
**6** En wat God gesê het, het
hierop neergekom, dat sy saad
inwonende vreemdelinge[l] in ’n
vreemde land[m] sou wees en die
mense hulle slawe sou maak en
vierhonderd jaar lank sou ver-
druk.[n] **7** ‘En dié nasie vir wie
hulle as slawe sal dien, sal ek
oordeel’,[o] het God gesê, ‘en ná
hierdie dinge sal hulle uittrek
en in hierdie plek heilige diens
aan my verrig.’[p]
**8** “Hy het hom ook ’n ver-
bond van die besnydenis ge-
gee;[q] en so het hy die vader
van Isak[r] geword en hom op
die agtste dag besny,[s] en Isak
van Jakob, en Jakob van die
twaalf familiehoofde.[t] **9** En

HFST. 6
a Han 11:24
b Han 21:8
c De 34:9, Han 8:17, Han 13:3, Han 14:23, 1Ti 4:14, 1Ti 5:22, 2Ti 1:6
d Han 12:24, Han 19:20
e Han 2:47
f Joh 12:42, Han 15:5
g Ro 16:26
h Han 2:43
i Han 18:24
j Han 23:34
k Lu 21:15, Han 6:3
l Jes 54:17, Lu 21:15
m Eks 23:1, Le 19:16
n 1Kn 21:10, Mt 26:59
o Lu 22:66
p De 5:20, Spr 19:28
q Jer 26:11, Han 21:28

Tweede kol.
a Mt 10:17
b Rig 13:6

HFST. 7
c Ps 29:3
d Ge 11:31, Ge 15:7, Ne 9:7
e Ge 12:1
f Ge 11:32, Heb 11:8
g Ge 12:4
h De 2:5
i Ge 17:8, Eks 6:8
j Ge 48:4, De 32:49, Ne 9:24
k Ge 12:7, Ge 13:15
l Ge 15:13, Ps 39:12, 1Pe 2:11
m Eks 12:40
n Ge 15:13
o Ge 15:14
p Eks 3:12
q Ge 17:10
r Ge 21:1
s Ge 21:4, Le 12:3, Lu 2:21
t Ge 29:32

die familiehoofde het jaloers[a]
geword op Josef en hom na
Egipte verkoop.[b] Maar God was
met hom,[c] **10** en hy het hom
uit al sy verdrukkinge ver-
los en hom guns en wysheid
voor die oë van Farao, die ko-
ning van Egipte, gegee. En hy
het hom aangestel om Egipte
en sy hele huis te bestuur.[d]
**11** Maar daar het 'n honger-
snood oor die hele Egipte en
Kanaän gekom, ja, 'n groot ver-
drukking; en ons voorvaders
het geen voedsel gevind nie.[e]
**12** Maar Jakob het gehoor dat
daar voedsel in Egipte was,[f] en
hy het ons voorvaders die eer-
ste keer uitgestuur.[g] **13** En
die tweede keer het Josef hom
aan sy broers bekend gemaak;[h]
en Josef se afkoms het aan Fa-
rao openbaar geword.[i] **14** Toe
het Josef gestuur en Jakob, sy
vader, en al sy familielede van
daarvandaan laat roep,[j] alte-
saam vyf-en-sewentig siele.[k]
**15** Jakob het na Egipte afge-
gaan.[l] En hy het gesterf;[m] en
so ook ons voorvaders,[n] **16** en
hulle is na Sigem oorgebring[o]
en in die graf neergelê[p] wat
Abraham teen 'n prys met sil-
wergeld van die seuns van He-
mor in Sigem gekoop het.[q]

**17** "Juis toe die tyd nader
kom vir die vervulling van die
belofte wat God openlik aan
Abraham bekend gemaak het,
het die volk in Egipte toege-
neem en vermeerder,[r] **18** tot-
dat daar 'n ander koning
oor Egipte opgestaan het, wat
nie van Josef geweet het nie.[s]
**19** Hy het listige staatkunde
teen ons ras gebruik[t] en die va-
ders verkeerdelik gedwing om
hulle kindertjies aan hulle lot
oor te laat, sodat hulle nie sou
bly lewe nie.[u] **20** In dié tyd is
Moses gebore,[v] en hy was god-
delik mooi.[a] En hy is drie maan-
de in sy vader se huis ver-
sorg. **21** Maar toe hy aan sy
lot oorgelaat is, het die dogter
van Farao hom geneem en hom
as haar eie seun grootgemaak.[b]
**22** Gevolglik is Moses in al die
wysheid[c] van die Egiptenaars
onderrig. Trouens, hy was krag-
tig in sy woorde[d] en dade.

**23** "En toe die tyd van sy
veertigste jaar ten einde geloop
het, het dit in sy hart opgekom
om inspeksie te hou onder sy
broers, die kinders van Israel.[e]
**24** En toe hy sien dat iemand
onregverdig behandel word,
het hy hom verdedig en die een
wat mishandel is, gewreek deur
die Egiptenaar dood te maak.[f]
**25** Hy het veronderstel dat sy
broers sou begryp dat God hul-
le deur sy hand redding gee,[g]
maar hulle het dit nie begryp
nie. **26** En die volgende dag
het hy aan hulle verskyn terwyl
hulle baklei het, en hy het pro-
beer om die vrede tussen hulle
te herstel[h] deur te sê: 'Manne,
julle is broers. Waarom behan-
del julle mekaar onregverdig?'[i]
**27** Maar die een wat sy naaste
onregverdig behandel het, het
hom weggestoot en gesê: 'Wie
het jou as heerser en regter oor
ons aangestel?[j] **28** Jy wil my
nie miskien op dieselfde manier
om die lewe bring as wat jy gis-
ter die Egiptenaar om die lewe
gebring het nie?'[k] **29** Ná hier-
die woorde het Moses gevlug
en 'n inwonende vreemdeling in
die land Mi'dian[l] geword, waar
hy die vader van twee seuns ge-
word het.[m]

**30** "En toe veertig jaar ver-
streke was, het daar in die
wildernis van die berg Si'nai
'n engel in die vuurvlam van
'n doringbos aan hom verskyn.[n]
**31** En toe Moses dit sien, was

**HFST. 7**
a Ge 37:11
b Ge 37:28, Ge 45:4, Ps 105:17
c Ge 39:2
d Ge 41:40, Ge 41:41, Ge 41:46, Ps 105:21
e Ge 41:54, Ge 42:5
f Ge 42:2
g Ge 42:6
h Ge 45:1
i Ge 45:16
j Ge 45:9
k Ge 46:27, De 10:22
l Ge 46:29, De 26:5
m Ge 49:33
n Eks 1:6
o Ge 50:13
p Eks 13:19, Jos 24:32
q Ge 23:16
r Eks 1:7
s Eks 1:8
t Eks 1:10
u Eks 1:22
v Eks 2:2

**Tweede kol.**
a Heb 11:23
b Eks 2:5, Eks 2:10
c 1Kn 4:30
d Eks 11:3, Lu 24:19
e Eks 2:11
f Eks 2:12
g Heb 11:26
h Ge 13:8
i Eks 2:13
j Han 7:35
k Eks 2:14
l Eks 2:15
m Eks 2:22, Eks 18:3
n Eks 3:2, Jes 63:9

hy verwonderd oor die gesig.[a]
Maar toe hy nader gaan om
ondersoek in te stel, het Je-
hovah se stem gekom: **32** ‘Ek
is die God van jou voorvaders,
die God van Abraham en van
Isak en van Jakob.’[b] Bewend
het Moses nie verder onder-
soek durf instel nie. **33** Jeho-
vah het vir hom gesê: ‘Trek die
sandale van jou voete af, want
die plek waarop jy staan, is hei-
lige grond.[c] **34** Die slegte be-
handeling van my volk wat in
Egipte is, het ek beslis gesien,[d]
en ek het hulle gekerm ge-
hoor[e] en ek het neergedaal om
hulle te verlos.[f] Kom dan nou,
ek sal jou na Egipte stuur.’[g]
**35** Hierdie Moses, wat hulle
verloën het deur te sê: ‘Wie het
jou as heerser en regter aange-
stel?’[h] dié man het God as heer-
ser sowel as verlosser gestuur[i]
deur die hand van die engel wat
in die doringbos aan hom ver-
skyn het. **36** Hierdie man het
hulle uitgelei[j] nadat hy voorte-
kens en tekens in Egipte[k] en in
die Rooi See[l] en in die wildernis
gedoen het, veertig jaar lank.[m]

**37** “Dit is die Moses wat vir
die kinders van Israel gesê het:
‘God sal vir julle uit die midde
van julle broers ’n profeet soos
ek verwek.’[n] **38** Dit is hy[o] wat
in die midde van die vergade-
ring[p] in die wildernis was saam
met die engel[q] wat op die berg
Siʹnai met hom gepraat het,
en saam met ons voorvaders,
en hy het lewende heilige ver-
klarings[r] ontvang om aan jul-
le te gee. **39** Aan hom het
ons voorvaders geweier om ge-
hoorsaam te word, maar hul-
le het hom weggestoot[s] en in
hulle harte na Egipte terug-
gedraai[t] **40** deur vir Aäron
te sê: ‘Maak vir ons gode om
voor ons uit te trek. Want hier-
die Moses, wat ons uit Egipte-
land uitgelei het, ons weet nie
wat met hom gebeur het nie.’[a]
**41** Toe het hulle in daardie dae
’n kalf gemaak[b] en ’n offeran-
de aan die afgod gebring en hul-
le in die werke van hulle han-
de begin verheug.[c] **42** Toe het
God hom afgekeer en hulle oor-
gegee[d] om heilige diens aan die
leër van die hemel te verrig, net
soos daar in die boek van die
profete geskrywe staan:[e] ‘Dit
was nie aan my dat julle veertig
jaar lank in die wildernis slag-
offers en offerandes gebring het
nie, of hoe, o huis van Israel?[f]
**43** Maar dit was die tent van
Molog[g] en die ster[h] van die
god Refan wat julle opgeneem
het, die afbeeldsels wat julle ge-
maak het om hulle te aanbid.
Gevolglik sal ek julle tot ander-
kant Babilon wegvoer.’[i]

**44** “Ons voorvaders het die
tent van die getuienis in die wil-
dernis gehad, net soos hy bevel
gegee het toe hy vir Moses ge-
sê het om dit volgens die voor-
beeld te maak wat hy gesien
het.[j] **45** En ons voorvaders
wat dit oorgeneem het, het dit
ook saam met Josua[k] in die land
ingebring wat deur die nasies
besit is,[l] wat God voor ons voor-
vaders uit verdryf het.[m] Hier
het dit tot die dae van Dawid
gebly. **46** Hy het guns[n] in die
oë van God gevind en die voor-
reg gevra om ’n woonplek[o] aan
die God van Jakob te verskaf.
**47** Maar Salomo het ’n huis
vir hom gebou.[p] **48** Nietemin
woon die Allerhoogste nie in
huise wat met hande gemaak
is nie;[q] net soos die profeet sê:
**49** ‘Die hemel is my troon[r] en
die aarde is my voetbank.[s] Wat-
ter soort huis sal julle vir my
bou? sê Jehovah. Of wat is die

**HFST. 7**

a Eks 3:3
b Ge 50:24, Eks 3:6, Mr 12:26, Lu 20:37
c Eks 3:5, Jos 5:15
d Eks 3:7, De 26:7
e Eks 2:24
f Eks 3:8
g Eks 3:10
h Eks 2:14, Han 7:27
i Eks 4:19
j Eks 12:41
k Eks 7:3, Eks 8:5, Eks 9:10, Ps 105:27
l Eks 14:21, Eks 15:5, Heb 11:29
m Eks 16:35, Nu 14:33
n De 18:15, Han 3:22
o Eks 19:3
p De 5:27
q De 5:4, Jes 63:9, Han 7:53, Ga 3:19, Heb 2:2
r Eks 21:1, De 9:10, Ro 3:2, 1Pe 4:11
s Nu 14:3
t Eks 16:3

**Tweede kol.**

a Eks 32:1, Eks 32:23
b Eks 32:4, De 9:16
c Eks 32:6, Ps 106:19
d Ps 81:12, Ro 1:24, 2Te 2:11
e 2Kn 17:16, Jer 7:18
f Am 5:25
g 1Kn 11:7
h De 4:19, Am 5:26
i Jer 25:11, Jer 29:10, Am 5:27
j Eks 25:40, Heb 8:5
k De 3:28, De 31:3, Jos 3:14
l Ge 17:8, Ne 9:24
m Jos 23:9, Jos 24:18
n Ps 89:20
o 2Sa 7:2, 1Kr 22:7, Ps 132:5
p 1Kn 6:1, 1Kr 17:12, 2Kr 3:1
q Jes 66:1, Han 17:24
r Ps 11:4, Mt 5:34
s Mt 5:35

plek vir my rus?[a] **50** My hand
het al hierdie dinge gemaak,
nie waar nie?’[b]
**51** “Hardkoppiges en onbe-
snedenes van hart[c] en ore, jul-
le weerstaan altyd die heili-
ge gees; soos julle voorvaders
gedoen het, so doen julle.[d]
**52** Watter een van die profe-
te het julle voorvaders nie ver-
volg nie?[e] Ja, hulle het dié dood-
gemaak[f] wat die koms van die
Regverdige[g] vooruit aangekon-
dig het, wie se verraaiers en
moordenaars julle nou geword
het,[h] **53** julle wat die Wet,
soos oorgedra deur engele,[i] ont-
vang het maar nie nagekom het
nie.”
**54** Wel, toe hulle hierdie
dinge hoor, het hulle in hul-
le harte gegrief gevoel[j] en teen
hom op hulle tande begin
kners.[k] **55** Maar hy het, vol
heilige gees, in die hemel inge-
tuur en God se heerlikheid ge-
sien en Jesus wat aan God se
regterhand staan,[l] **56** en hy
het gesê: “Kyk! Ek sien die he-
mele geopend[m] en die Seun van
die mens[n] wat aan God se reg-
terhand staan.”[o] **57** Hierop
het hulle so hard soos hulle kon
geskreeu en hulle ore toege-
druk[p] en soos een man op hom
afgestorm. **58** En nadat hulle
hom buite die stad uitgewerp
het,[q] het hulle hom met klip-
pe begin gooi.[r] En die getuies[s]
het hulle boklere by die voete
van ’n jong man met die naam
Saulus[t] neergelê. **59** En hulle
het aangehou om Ste′fanus met
klippe te gooi terwyl hy ge-
smeek en gesê het: “Here Jesus,
ontvang my gees.”[u] **60** Toe
het hy op sy knieë gegaan en
met ’n sterk stem uitgeroep:
“Jehovah, reken hulle hierdie
sonde nie toe nie.”[v] En nadat hy
dit gesê het, het hy ontslaap.

**8** Wat Saulus betref, hy het
die moord op hom goedge-
keur.[a]
Daardie dag het daar groot
vervolging[b] ontstaan teen die
gemeente wat in Jerusalem was;
almal behalwe die apostels is in
al die streke van Jude′a en Sa-
mari′a verstrooi.[c] **2** Maar god-
vresende manne het Ste′fanus
na die begrafnis gedra,[d] en hul-
le het grootliks oor hom gewee-
klaag.[e] **3** Saulus het egter ge-
welddadig teen die gemeente
begin optree. Hy het die een
huis na die ander binnegedring
en manne sowel as vroue uitge-
sleep en hulle aan die gevange-
nis oorgelewer.[f]
**4** Dié wat verstrooi is, het
egter deur die land gegaan en
die goeie nuus van die woord
bekend gemaak.[g] **5** Wat Filip-
pus betref, hy het afgegaan na
die stad Samari′a[h] en die Chris-
tus aan hulle begin verkon-
dig. **6** Die skare het eendrag-
tig aandag geskenk aan die
dinge wat deur Filippus ge-
sê is, terwyl hulle geluister en
die tekens aanskou het wat hy
gedoen het. **7** Want daar was
baie wat onrein geeste gehad
het,[i] en dié het met ’n har-
de stem uitgeroep en uitgekom.
Bowendien is baie wat verlam[j]
en kreupel was, genees. **8** Toe
het daar groot vreugde in dié
stad ontstaan.[k]
**9** En in die stad was daar
’n sekere man met die naam
Simon, wat voor hierdie dinge
toorkunste beoefen[l] en die na-
sie van Samari′a verbaas het,
terwyl hy gesê het dat hy
iemand besonders is.[m] **10** En
hulle almal, van die geringste
tot die grootste, het op hom ag
gegee en gesê: “Hierdie man is
die Krag van God, wat Groot ge-

**HFST. 7**
a Jes 66:1
b Heb 3:4
c Le 26:41; De 10:16
d Jes 1:4; Jes 63:10; Jer 6:10
e 2Kr 36:16
f Mt 23:31
g Han 3:14; 1Jo 2:1
h Jes 53:8
i Han 7:38; Ga 3:19; Heb 2:2
j Han 5:33
k Ps 35:16; Ps 112:10
l Ps 110:1; Mt 26:64
m Ese 1:1; Mt 3:16; Joh 1:51
n Da 7:13
o Ro 8:34; Ef 1:20; Kol 3:1
p Sag 7:11; Lu 16:24
q 1Kn 21:13; Heb 13:12
r Le 24:16; Mt 23:37
s De 17:7; Joh 16:2
t Han 8:1; Han 22:20
u Ps 31:5
v Mt 5:44

Tweede kol.

**HFST. 8**
a Han 7:58
b Han 11:19
c Mt 10:23
d Mt 14:12
e Ge 50:10
f Han 9:1; Han 22:4; Han 26:10; 1Ko 15:9; Ga 1:13; Flp 3:6
g Jes 52:7; Han 11:19
h Han 1:8
i Mt 10:1; Mr 6:7
j Han 9:33
k Joh 4:42
l Han 13:6
m Han 5:36

noem kan word.” **11** En hulle
het op hom ag gegee omdat hy
hulle ’n hele ruk met sy toor-
kunste verbaas het. **12** Maar
toe hulle Filippus glo, wat die
goeie nuus van die koninkryk
van God[a] en van die naam van
Jesus Christus bekend gemaak
het, is hulle gedoop, manne so-
wel as vroue.[b] **13** Simon het
ook self ’n gelowige geword,
en nadat hy gedoop is, was hy
voortdurend by Filippus;[c] en
hy was verbaas toe hy tekens
en groot kragtige werke sien
plaasvind.

**14** Toe die apostels in Jeru-
salem hoor dat Samari′a die
woord van God aangeneem
het,[d] het hulle Petrus en Jo-
hannes na hulle toe gestuur;
**15** en dié het afgegaan en vir
hulle gebid om heilige gees
te ontvang.[e] **16** Want dit het
nog nie op enigeen van hulle ge-
val nie, maar hulle was net in
die naam van die Here Jesus ge-
doop.[f] **17** Toe het hulle hulle
die hande opgelê,[g] en hulle het
heilige gees begin ontvang.

**18** En toe Simon sien dat die
gees deur die handeoplegging
van die apostels gegee is, het hy
hulle geld aangebied[h] **19** en
gesê: “Gee my ook hierdie ge-
sag, sodat enigeen wat ek die
hande oplê, heilige gees kan
ontvang.” **20** Maar Petrus
het vir hom gesê: “Mag jou sil-
wer saam met jou vergaan, om-
dat jy gedink het om die vrye
gawe van God deur geld in besit
te kry.[i] **21** Jy het geen aan-
deel in hierdie saak nie, want
jou hart is nie reg in God se
oë nie.[j] **22** Toon dus berou
oor hierdie slegtheid van jou,
en smeek Jehovah[k] dat die lis
van jou hart jou, indien moont-
lik, vergewe word; **23** want
ek sien dat jy ’n giftige gal[l] en ’n
band van onregverdigheid is.”[a]
**24** Simon het geantwoord en
gesê: “Doen tog ’n smeekbede
tot Jehovah vir my[b] dat niks
van wat julle gesê het, oor my
sal kom nie.”

**25** Nadat hulle dan die ge-
tuienis deeglik gegee en die
woord van Jehovah gespreek
het, het hulle teruggedraai na
Jerusalem, en hulle het die
goeie nuus aan baie dorpies van
die Samaritane begin bekend
maak.[c]

**26** Jehovah se engel[d] het eg-
ter met Filippus gepraat en ge-
sê: “Staan op en gaan na die
suide, na die pad wat van Jeru-
salem na Gasa afloop.” (Dit
is ’n woestynpad.) **27** Daarop
het hy opgestaan en gegaan,
en kyk! ’n Etiopiese[e] eunug,[f]
’n maghebber onder Kanda′ke,
die koningin van die Etiopiërs,
wat oor al haar skatte was. Hy
het na Jerusalem gegaan om te
aanbid,[g] **28** maar hy was op
pad terug en het in sy wa ge-
sit en die profeet Jesaja hardop
gelees.[h] **29** Toe het die gees
vir Filippus gesê:[i] “Gaan nader
en bly by hierdie wa.” **30** Fi-
lippus het langs die wa ge-
hardloop en hom die profeet Je-
saja hardop hoor lees, en hy
het gesê: “Verstaan u werklik
wat u lees?” **31** Hy het gesê:
“Hoe sou ek tog ooit kon, ten-
sy iemand my lei?” En hy het
Filippus gesoebat om op te klim
en by hom te kom sit. **32** En
die gedeelte van die Skrif wat
hy hardop gelees het, was dit:
“Soos ’n skaap is hy gebring om
geslag te word, en soos ’n lam
wat stom is voor sy skeerder, so
maak hy nie sy mond oop nie.[j]
**33** Gedurende sy vernedering
is die oordeel van hom wegge-
neem.[k] Wie sal die besonderhe-
de van sy geslag vertel? Want

**HFST. 8**
a Lu 8:1
b Mt 28:19; Han 18:8
c Han 6:5
d Han 11:1
e Mt 16:19
f Han 10:48; Han 19:2
g Han 6:6; Han 19:6; 2Ti 1:6
h Mi 3:11; 1Ti 6:5
i Mt 10:8; Han 10:45
j Ps 78:37; Ef 5:5
k Jes 55:7; Da 4:27
l De 29:18

**Tweede kol.**
a Heb 12:15
b Eks 8:8; Nu 21:7; 1Kn 13:6; Jak 5:16
c Mt 9:35; Han 1:8
d Ps 34:7; Heb 1:14; Op 14:6
e Jer 13:23; Sef 3:10
f Jes 56:4
g 2Kr 6:32; Joh 12:20
h Han 17:11
i Han 10:19
j Jes 53:7; 1Pe 2:23
k Mt 26:59

sy lewe word van die aarde weggeneem.”[a]

**34** Die eunug het geantwoord en vir Filippus gesê: “Ek smeek u, van wie sê die profeet dit? Van homself of van iemand anders?” **35** Filippus het sy mond oopgemaak[b] en het, deur met hierdie Skrifgedeelte[c] te begin, die goeie nuus oor Jesus aan hom bekend gemaak. **36** En terwyl hulle op die pad gereis het, het hulle by water gekom, en die eunug het gesê: “Kyk! Water; wat verhinder my om gedoop te word?”[d] **37** —— **38** Daarop het hy beveel dat die wa moet stilhou, en hulle het albei in die water afgeklim, Filippus sowel as die eunug; en hy het hom gedoop. **39** Toe hulle uit die water opgekom het, het Jehovah se gees Filippus gou weggelei,[e] en die eunug het hom nie meer gesien nie, want hy het sy reis met blydskap voortgesit. **40** Maar Filippus is in Asdod gevind, en hy het deur die gebied gegaan en aangehou om die goeie nuus aan al die stede bekend te maak[f] totdat hy in Sesare′a gekom het.[g]

**9** Maar Saulus, wat nog steeds dreiging en moord[h] teen die dissipels[i] van die Here geblaas het, het na die hoëpriester toe gegaan **2** en van hom briewe aan die sinagoges in Damaskus gevra, sodat hy almal wat hy sou vind wat tot Die Weg[j] behoort, manne sowel as vroue, geboeid na Jerusalem kon bring.

**3** En toe hy op sy reis Damaskus nader, het daar skielik ’n lig uit die hemel rondom hom geflits,[k] **4** en hy het op die grond geval en ’n stem vir hom hoor sê: “Saul, Saul, waarom vervolg jy my?”[a] **5** Hy het gesê: “Wie is u, Here?” Hy het gesê: “Ek is Jesus, wat jy vervolg.[b] **6** Maar staan op[c] en gaan in die stad in, en daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen.” **7** En die manne wat saam met hom gereis het,[d] het sprakeloos gestaan,[e] aangesien hulle wel die geluid van ’n stem gehoor het,[f] maar niemand gesien het nie. **8** Maar Saulus het van die grond af opgestaan, en hoewel sy oë oop was, het hy niks gesien nie.[g] Daarom het hulle hom aan die hand gelei en hom in Damaskus ingebring. **9** En hy het drie dae lank niks gesien nie,[h] en hy het nie geëet of gedrink nie.

**10** Daar was ’n sekere dissipel in Damaskus met die naam Anani′as,[i] en die Here het in ’n visioen vir hom gesê: “Anani′as!” Hy het gesê: “Hier is ek, Here.” **11** Die Here het vir hom gesê: “Staan op, gaan na die straat wat Reguit genoem word en soek by die huis van Judas ’n man met die naam Saulus, van Tarsus.[j] Want kyk! hy is besig om te bid, **12** en hy het in ’n visioen gesien hoe ’n man met die naam Anani′as inkom en hom die hande oplê, sodat hy weer kan sien.”[k] **13** Maar Anani′as het geantwoord: “Here, ek het by baie van hierdie man gehoor, hoeveel skadelike dinge hy u heiliges in Jerusalem aangedoen het. **14** En hier het hy volmag van die hoofpriesters om almal wat u naam aanroep,[l] in boeie te slaan.” **15** Maar die Here het vir hom gesê: “Gaan heen, want hierdie man is vir my ’n uitverkore vat[m] om my naam na die nasies[n] sowel as na konings[o] en die kinders van Israel te dra. **16** Want ek sal hom

**HFST. 8**
a Jes 53:8, Da 9:26, Flp 2:8
b Mt 13:52
c Han 18:28, 2Ti 3:16
d Han 10:47
e 1Kn 18:12
f Lu 9:6
g Han 21:8

**HFST. 9**
h Han 22:4, Han 26:11
i Han 8:3, Ga 1:13, 1Ti 1:13
j Han 9:14, Han 11:26, Han 22:4, Han 24:14
k Han 22:6

**Tweede kol.**
a 1Ko 15:8
b Mt 25:40
c Han 9:11
d Han 22:9, Han 26:13
e Da 10:7
f Han 22:9
g Han 22:11
h Han 13:11
i Han 22:12
j Han 11:25, Han 21:39, Han 22:3
k Han 9:17
l 1Ko 1:2, 2Ti 2:22
m Han 13:2, Ro 1:1, 1Ti 1:12
n Ro 1:5, Ga 2:7, 1Ti 2:7
o Han 25:22, Han 26:1, Han 27:24

duidelik toon wat hy alles vir
my naam moet ly.”[a]
**17** Toe het Anani′as gegaan
en in die huis ingekom, en hy
het hom die hande opgelê en
gesê: “Saul, broer, die Here,
die Jesus wat aan jou verskyn
het op die pad waarmee jy ge-
kom het, het my uitgestuur, so-
dat jy weer kan sien en met
heilige gees vervul kan word.”[b]
**18** En onmiddellik het daar iets
wat soos skubbe gelyk het, van
sy oë afgeval, en hy kon weer
sien; en hy het opgestaan en is
gedoop, **19** en hy het voedsel
ingeneem en is versterk.[c]
Hy was ’n paar dae saam
met die dissipels in Damaskus,[d]
**20** en hy het Jesus onmiddellik
in die sinagoges begin verkon-
dig,[e] dat hy die Seun van God
is. **21** Maar almal wat hom ge-
hoor het, was verbaas en het ge-
sê: “Is dit nie die man wat ver-
woesting aangerig het[f] onder
dié in Jerusalem wat hierdie
naam aanroep, en wat juis met
dié doel hierheen gekom het om
hulle geboeid na die hoofpries-
ters te lei nie?”[g] **22** Maar Sau-
lus het al hoe meer krag verkry
en het die Jode wat in Damas-
kus gewoon het, oorbluf, aange-
sien hy logies bewys het dat dit
die Christus is.[h]
**23** En na verloop van ’n hele
paar dae het die Jode saam be-
raadslaag om hom om die lewe
te bring.[i] **24** Hulle komplot
teen hom het egter aan Sau-
lus bekend geword. Maar hulle
het ook die poorte dag en nag
sorgvuldig bewaak om hom om
die lewe te bring.[j] **25** Daarom
het sy dissipels hom geneem en
hom in die nag deur ’n opening
in die muur neergelaat deur
hom in ’n mandjie te laat sak.[k]
**26** Toe hy in Jerusalem aan-
kom,[l] het hy pogings aange-
wend om by die dissipels aan
te sluit; maar hulle was al-
mal bang vir hom, omdat
hulle nie geglo het dat hy ’n dis-
sipel is nie. **27** Toe het Bar′-
nabas hom te hulp gekom[a] en
hom na die apostels toe gelei,
en hy het vir hulle in besonder-
hede vertel hoe hy op die pad
die Here gesien het[b] en dat hy
met hom gepraat het,[c] en hoe
hy in Damaskus[d] vrymoedig in
die naam van Jesus gespreek
het. **28** En hy het by hulle ge-
bly, terwyl hy in Jerusalem in-
en uitgegaan en vrymoedig in
die naam van die Here gespreek
het;[e] **29** en hy het met die
Griekssprekende Jode gepraat
en met hulle geredeneer. Maar
dié het pogings aangewend om
hom om die lewe te bring.[f]
**30** Toe die broers dit agterkom,
het hulle hom na Sesare′a afge-
bring en hom na Tarsus wegge-
stuur.[g]
**31** Toe het die gemeente[h]
deur die hele Jude′a en Galile′a
en Samari′a inderdaad ’n tyd-
perk van vrede ingegaan en is
dit opgebou; en terwyl dit in
die vrees van Jehovah[i] en in
die vertroosting van die heilige
gees[j] gewandel het, het dit bly
vermeerder.
**32** En terwyl Petrus deur
al die streke gegaan het, het
hy ook afgekom na die heili-
ges wat in Lidda[k] gewoon het.
**33** Daar het hy ’n sekere man
met die naam Ene′as aange-
tref, wat al agt jaar plat op sy
draagbed gelê het, aangesien
hy verlam was. **34** En Pe-
trus het vir hom gesê:[l] “Ene′-
as, Jesus Christus maak jou ge-
sond.[m] Staan op en maak jou
bed op.” En hy het onmiddellik
opgestaan. **35** En almal wat
in Lidda en op die vlakte van
Saron[n] gewoon het, het hom

**HFST. 9**
a Han 20:23; Han 21:11; 2Ko 11:23; Kol 1:24; 2Ti 1:12
b Han 13:52; Han 22:13
c Ps 104:15
d Han 26:20
e Ga 1:16
f Han 8:3; Ga 1:13; Ga 1:23
g Han 9:2
h Han 17:3; Han 18:28
i Han 20:3; Han 23:12; 2Ko 11:23
j 2Ko 11:32
k Jos 2:15; 1Sa 19:12; 2Ko 11:33
l Ga 1:18

**Tweede kol.**
a Han 4:36
b 1Ko 9:1
c Han 9:4; Han 22:7
d Han 9:20
e Han 4:29
f 2Ko 11:26
g Han 11:25; Ga 1:21
h Han 8:1
i Ps 86:11
j Joh 14:16
k Han 9:38
l Mt 10:8
m Han 3:6; Han 4:10
n 1Kr 5:16

gesien, en hulle het hulle tot
die Here gekeer.[a]
**36** Maar in Joppe[b] was daar
’n sekere dissipel met die naam
Tabi′ta, wat, wanneer dit ver-
taal word, Dorkas beteken. Sy
was oorvloedig in goeie dade[c]
en barmhartigheidsgawes wat
sy gegee het. **37** Maar in dié
dae het sy siek geword en ge-
sterf. Toe het hulle haar ge-
was en in ’n bovertrek neergelê.
**38** En aangesien Lidda naby
Joppe[d] was, het die dissipels,
toe hulle hoor dat Petrus in dié
stad is, twee manne na hom
toe gestuur om hom te soe-
bat: “Moet asseblief nie aar-
sel om tot by ons te kom nie.”
**39** Daarop het Petrus opge-
staan en saam met hulle ge-
gaan. En toe hy daar aankom,
het hulle hom boontoe gelei, na
die bovertrek; en al die wedu-
wees het by hom kom staan,
terwyl hulle gehuil en baie on-
der- en boklere gewys het[e] wat
Dorkas gemaak het toe sy nog
by hulle was.[f] **40** Maar Petrus
het almal buitentoe gestuur[g] en
op sy knieë gegaan en gebid, en
hy het na die liggaam gedraai
en gesê: “Tabi′ta, staan op!” Sy
het haar oë oopgemaak, en toe
sy Petrus sien, het sy regop ge-
sit.[h] **41** Hy het haar sy hand
gegee en haar opgehelp,[i] en
hy het die heiliges en die we-
duwees geroep en haar lewend
voor hulle gestel.[j] **42** Dit het
deur die hele Joppe bekend ge-
word, en baie het in die Here
begin glo.[k] **43** Hy het ’n hele
paar dae in Joppe gebly[l] by ’n
sekere Simon, ’n leerlooier.[m]

**10** En in Sesare′a was daar
’n sekere man met
die naam Kornelius, ’n leërof-
fisier[n] van die Italiaanse afde-
ling,[o] soos dit genoem is, **2** ’n
vroom man[a] en iemand wat
saam met al sy huisgenote God
gevrees het,[b] en hy het baie
barmhartigheidsgawes aan die
volk gegee[c] en voortdurend
smeekbedes tot God gedoen.[d]
**3** Omstreeks die negende uur[e]
van die dag het hy duidelik
in ’n visioen[f] gesien hoe ’n en-
gel[g] van God na hom toe in-
kom en vir hom sê: “Kornelius!”
**4** Die man het hom aangestaar
en bang geword en gesê: “Wat is
dit, Here?” Hy het vir hom ge-
sê: “Jou gebede[h] en barmhartig-
heidsgawes het as ’n gedagtenis
voor God opgestyg.[i] **5** Stuur
dan nou manne na Joppe en laat
haal ’n sekere Simon wat die
bynaam Petrus het. **6** Hier-
die man gaan as gas tuis by ’n
sekere Simon, ’n leerlooier, wat
’n huis by die see het.”[j] **7** On-
middellik nadat die engel wat
met hom gepraat het, wegge-
gaan het, het hy twee van sy
huisknegte geroep en ’n vroom
soldaat uit dié wat voortdurend
tot sy beskikking was,[k] **8** en
hy het hulle alles vertel en hul-
le na Joppe gestuur.[l]
**9** Die volgende dag, terwyl
hulle hulle reis voortgesit en
die stad genader het, het Pe-
trus omstreeks die sesde uur na
die dak[m] opgegaan om te bid.[n]
**10** Maar hy het baie honger
geword en wou eet. Terwyl hul-
le iets voorberei het, het daar
’n verrukking[o] oor hom gekom
**11** en het hy die hemel ge-
opend gesien[p] en die een of an-
der soort voorwerp sien neer-
daal soos ’n groot linnelaken
wat aan sy vier punte op die
aarde neergelaat word; **12** en
daarin was allerhande viervoe-
tige diere en kruipende diere
van die aarde en voëls van die
hemel.[q] **13** En ’n stem het tot
hom gekom: “Staan op, Petrus,

**HFST. 9**
a Han 11:21
b 2Kr 2:16
c 1Ti 2:10
d Han 9:32
e Mt 5:40
f Jes 32:8
g Mr 5:40 Lu 8:51
h Mt 9:25 Lu 7:15 Joh 11:43
i Han 3:7
j 1Kn 17:23
k Joh 11:45
l Mr 6:10
m Han 10:6 Han 10:32

**HFST. 10**
n Mt 8:5
o Han 27:1

**Tweede kol.**
a Han 8:2 Han 22:12
b Spr 14:2
c Lu 7:5 Han 8:21
d Mt 7:7
e Han 3:1
f Han 9:10
g Lu 1:11
h Ps 65:2 Spr 15:8
i Spr 15:29 Da 10:12 Joh 9:31 1Pe 3:12
j Han 9:43 Han 10:32
k Mt 8:9
l Han 11:13
m De 22:8
n Da 6:10 1Te 5:17
o Han 11:5 Han 22:17
p Ese 1:1 Han 7:56 Op 19:11
q Han 11:6

slag en eet!"[a] **14** Maar Petrus
het gesê: "Nooit nie, Here, want
ek het nog nooit iets geëet wat
verontreinig en onrein is nie."[b]
**15** En die stem het weer met
hom gepraat, vir die tweede
keer: "Hou op om die dinge wat
God gereinig het, verontreinig
te noem."[c] **16** Dit het 'n derde
keer gebeur, en onmiddellik is
die voorwerp in die hemel opge-
neem.[d]

**17** En terwyl Petrus by hom-
self heel dronkgeslaan was oor
wat die visioen wat hy gesien
het, tog kon beteken, kyk! toe
het die manne wat deur Kor-
nelius gestuur is, al na Simon
se huis navraag gedoen en daar
by die poort gestaan.[e] **18** En
hulle het uitgeroep en gevra
of Simon, wat die bynaam Pe-
trus het, as gas daar tuisgaan.
**19** Terwyl Petrus oor die visi-
oen nagedink het, het die gees[f]
gesê: "Kyk! Drie manne soek
jou. **20** Maar staan op, gaan
ondertoe en gaan saam met hul-
le sonder om enigsins te twy-
fel, want ek het hulle gestuur."[g]
**21** Toe het Petrus ondertoe
gegaan na die manne en ge-
sê: "Kyk! Dit is vir my wat
julle soek. Om watter rede is
julle hier?" **22** Hulle het ge-
sê: "Kornelius, 'n leëroffisier, 'n
man wat regverdig is en God
vrees[h] en deur die hele Jood-
se nasie gunstig vermeld word,[i]
is deur 'n heilige engel goddeli-
ke instruksies gegee om u na sy
huis te laat haal en te hoor wat
u te sê het." **23** Hy het hulle
dus ingenooi en gasvryheid aan
hulle bewys.

Die volgende dag het hy op-
gestaan en saam met hulle ver-
trek, en party van die broers
wat uit Joppe was, het saam
met hom gegaan. **24** Die dag
daarna het hy in Sesare'a in-
gegaan. Kornelius het hulle na-
tuurlik verwag en het reeds sy
familielede en intieme vriende
bymekaargeroep. **25** Toe Pe-
trus ingaan, het Kornelius hom
tegemoetgekom, voor sy voete
neergeval en aan hom hulde be-
wys. **26** Maar Petrus het hom
opgehelp en gesê: "Staan op; ek
is self ook 'n mens."[a] **27** En
terwyl hy met hom gepraat het,
het hy na binne gegaan en baie
mense gevind wat bymekaarge-
kom het, **28** en hy het vir hul-
le gesê: "Julle weet goed hoe on-
geoorloof dit vir 'n Jood is om
by iemand van 'n ander ras aan
te sluit of hom te nader;[b] en tog
het God vir my gewys dat ek
geen mens verontreinig of on-
rein moet noem nie.[c] **29** Ge-
volglik het ek dan sonder be-
swaar gekom toe ek gehaal is.
Daarom vra ek om watter rede
julle my laat haal het."

**30** Daarop het Kornelius ge-
sê: "Vier dae gelede, van hier-
die uur af gereken, was ek be-
sig om op die negende uur[d] in
my huis te bid, en kyk! 'n man
in blink klere het voor my ge-
staan[e] **31** en gesê: 'Kornelius,
jou gebed is verhoor en jou
barmhartigheidsgawes is voor
God in herinnering gebring.[f]
**32** Stuur dan na Joppe en laat
Simon roep, wat die bynaam Pe-
trus het.[g] Hierdie man gaan as
gas tuis in die huis van Si-
mon, 'n leerlooier, by die see.'[h]
**33** Daarom het ek dadelik na u
gestuur, en u het goed gedoen
om hierheen te kom. En ons is
dan nou almal voor God teen-
woordig om alles te hoor wat
u deur Jehovah beveel is om te
sê."[i]

**34** Hierop het Petrus sy
mond oopgemaak en gesê: "Ek
sien vir seker dat God nie par-
tydig is nie,[j] **35** maar in elke

**HFST. 10**
a Han 11:7
b Le 11:4; Le 11:13; Le 20:25; De 14:3; De 14:19; Ese 4:14
c Mt 15:11; Han 10:28; Ro 14:14; 1Ti 4:4; Tit 1:15
d Han 11:10
e Han 11:11
f Han 13:2; Han 15:28; Han 16:6; Han 20:23
g Han 11:12
h Han 10:1
i Han 22:12

**Tweede kol.**
a Lu 4:8; Han 14:15; Op 19:10; Op 22:9
b Joh 4:9; Joh 18:28
c Han 10:45; Han 15:8; Ef 3:6
d Han 11:13
e Mt 28:3; Han 1:10
f Da 10:12; Heb 6:10
g Han 10:18
h Han 9:43
i Han 10:42
j De 10:17; 2Kr 19:7; Job 34:19; Ro 2:11; Ga 2:6

nasie is die mens wat hom vrees
en regverdigheid beoefen, vir
hom aanneemlik.[a] **36** Hy het
die woord na die kinders van
Israel uitgestuur[b] om die goeie
nuus van vrede[c] deur Jesus
Christus aan hulle bekend te
maak: Hý is Here van alle an-
der.[d] **37** Julle weet oor wat-
ter onderwerp daar in die hele
Jude′a gepraat is, wat in Ga-
lile′a begin het ná die doop
wat Johannes verkondig het,[e]
**38** naamlik Jesus wat van Na′-
saret was, hoe God hom met
heilige gees[f] en krag gesalf het,
en hy het deur die land gegaan
en goed gedoen en almal gesond
gemaak wat deur die Duiwel
onderdruk is;[g] want God was
met hom.[h] **39** En ons is getui-
es van alles wat hy in die land
van die Jode sowel as in Jerusa-
lem gedoen het; maar hulle het
hom ook om die lewe gebring
deur hom aan ’n paal te hang.[i]
**40** God het hom op die derde
dag opgewek en aan hom gegee
om openbaar te word,[j] **41** nie
aan die hele volk nie, maar aan
getuies wat vooraf deur God
aangestel is,[k] aan ons, wat saam
met hom geëet en gedrink het[l]
nadat hy uit die dode opgestaan
het. **42** Ook het hy ons beveel
om vir die volk te preek[m] en om
’n deeglike getuienis te gee dat
dit die Een is wat deur God ver-
orden is om regter van die le-
wendes en die dooies te wees.[n]
**43** Van hom getuig al die profe-
te,[o] dat elkeen wat geloof in
hom stel, vergifnis van sondes
deur sy naam kry.”[p]

**44** Terwyl Petrus nog oor
hierdie sake gepraat het, het
die heilige gees op almal ge-
val wat die woord gehoor het.[q]
**45** En die getroues wat saam
met Petrus gekom het en be-
snedenes was, was verbaas, om-
dat die heilige gees as vrye
gawe ook op mense van die
nasies uitgestort is.[a] **46** Want
hulle het gehoor hoe hulle in
tale praat en God groot
maak.[b] Hierop het Petrus gesê:
**47** “Kan enigeen water ver-
bied sodat hierdie mense, wat
net soos ons die heilige gees
ontvang het, nie gedoop word
nie?”[c] **48** Daarop het hy be-
veel dat hulle in die naam van
Jesus Christus gedoop moet
word.[d] Toe het hulle hom ver-
soek om ’n paar dae te bly.

**11** En die apostels en die
broers wat in Jude′a was,
het gehoor dat mense van die
nasies[e] ook die woord van God
ontvang het. **2** En toe Petrus
na Jerusalem opkom, het die
voorstanders van die besnyde-
nis[f] met hom begin twis **3** en
gesê dat hy ingegaan het in die
huis van manne wat nie besny
is nie en saam met hulle geëet
het. **4** Hierop het Petrus be-
gin en vir hulle die besonderhe-
de uiteengesit en gesê:

**5** “Ek was in die stad Jop-
pe besig om te bid, en in ’n ver-
rukking het ek ’n visioen ge-
sien: die een of ander soort
voorwerp het neergedaal soos
’n groot linnelaken wat aan sy
vier punte uit die hemel neer-
gelaat word, en dit het tot reg
by my gekom. **6** Toe ek daar-
in tuur, het ek opgelet en vier-
voetige diere van die aarde en
wilde diere en kruipende diere
en voëls van die hemel gesien.[g]
**7** Ek het ook ’n stem vir my
hoor sê: ‘Staan op, Petrus, slag
en eet!’[h] **8** Maar ek het ge-
sê: ‘Nooit nie, Here, want iets
wat verontreinig of onrein is,
het nog nooit in my mond inge-
gaan nie.’[i] **9** Die tweede keer
het die stem uit die hemel ge-

**HFST. 10**
a Ro 2:13; 1Ko 12:13; Ga 3:28
b Ps 107:20; Ps 147:18
c Jes 52:7; Na 1:15
d Da 7:14; Mt 28:18; Ro 14:9; Ef 1:20; Op 19:16
e Lu 4:14
f Jes 11:2; Jes 42:1; Jes 61:1; Mt 3:16; Heb 1:9
g Lu 13:16
h Joh 3:2
i Han 2:23; Ga 3:13
j Jon 1:17; Jon 2:10; Han 2:24; 1Ko 15:4
k Joh 14:22
l Lu 24:30; Joh 21:13
m Mt 28:19; Han 1:8
n Joh 5:22; Han 17:31; Ro 14:9; 2Ko 5:10; 2Ti 4:1; 1Pe 4:5
o Jes 53:11; Jer 31:34; Ese 34:23; Da 9:24; Lu 24:27; Op 19:10
p Ro 10:11; Ga 3:22
q Han 4:31; Han 8:15

**Tweede kol.**
a Ga 3:14
b Han 2:4; Han 19:6
c Mt 3:11; Han 8:36; Han 11:17
d Mt 16:19; Han 2:38; Han 19:5

**HFST. 11**
e Sag 2:11; Lu 2:32; Han 14:27
f Han 10:45; Ga 2:12
g Han 10:12
h Han 10:13
i Ese 4:14; Mt 15:11; Han 10:14

antwoord: 'Hou op om die dinge
wat God gereinig het, veront-
reinig te noem.'[a] **10** Dit het
'n derde keer gebeur, en alles
is weer in die hemel opgetrek.[b]
**11** En kyk! op daardie oomblik
het daar drie manne wat van
Sesare′a af na my toe gestuur
is, by die huis gestaan waarin
ons was.[c] **12** Toe het die gees[d]
vir my gesê om saam met hul-
le te gaan sonder om enigsins te
twyfel. Maar hierdie ses broers
het ook saam met my gegaan,
en ons het in die huis van die
man ingegaan.[e]

**13** "Hy het vir ons vertel hoe
hy die engel in sy huis sien
staan het, wat gesê het: 'Stuur
manne na Joppe en laat Simon
haal, wat die bynaam Petrus
het,[f] **14** en hy sal dié dinge
tot jou spreek waardeur jy en
al jou huisgenote gered kan
word.'[g] **15** Maar toe ek begin
praat, het die heilige gees op
hulle geval, net soos ook op ons
in die begin.[h] **16** Hierop het
ek die woord van die Here ont-
hou, hoe hy gesê het: 'Johan-
nes het wel met water[i] gedoop,
maar julle sal in heilige gees
gedoop word.'[j] **17** As God dan
aan hulle dieselfde vrye gawe
gegee het as ook aan ons wat
in die Here Jesus Christus geglo
het,[k] wie was ek dan dat ek God
sou kon verhinder?"[l]

**18** En toe hulle hierdie dinge
hoor, het hulle daarin berus,[m]
en hulle het God verheerlik[n] en
gesê: "So het God dan ook aan
mense van die nasies berou ge-
skenk wat tot die lewe lei."[o]

**19** Toe het dié wat verstrooi[p]
is deur die verdrukking wat
oor Ste′fanus ontstaan het, tot
by Feni′sië[q] en Siprus[r] en
Antiogi′ë gegaan, maar hulle
het die woord tot niemand an-
ders as net Jode gespreek nie.[s]
**20** Onder hulle was daar egter
party manne van Siprus en Si-
re′ne wat na Antiogi′ë gekom
en met die Griekssprekendes[a]
begin praat het en die goeie
nuus van die Here Jesus be-
kend gemaak het.[b] **21** En die
hand van Jehovah[c] was met hul-
le, en 'n groot aantal wat gelo-
wiges geword het, het hulle tot
die Here gekeer.[d]

**22** Die gemeente wat in Jeru-
salem was, het die berig oor hul-
le te hore gekom, en hulle het
Bar′nabas[e] tot by Antiogi′ë uit-
gestuur. **23** Toe hy daar aan-
kom en die onverdiende goed-
hartigheid[f] van God sien, was
hy bly[g] en het hy hulle almal
begin aanmoedig om met hart-
like voorneme voort te gaan in
die Here;[h] **24** want hy was 'n
goeie man en vol heilige gees
en geloof. En 'n aansienlike me-
nigte is tot die Here bygevoeg.[i]
**25** Toe het hy na Tarsus[j] ver-
trek om deeglik na Saulus[k] te
soek, **26** en nadat hy hom ge-
vind het, het hy hom na Antio-
gi′ë gebring. So het dit gekom
dat hulle 'n hele jaar lank saam
met hulle in die gemeente by-
mekaargekom en 'n aansienlike
menigte geleer het, en dit was
in Antiogi′ë dat die dissipels vir
die eerste keer deur goddeli-
ke voorsienigheid Christene ge-
noem is.[l]

**27** En in hierdie dae het pro-
fete[m] van Jerusalem na Antio-
gi′ë afgekom. **28** Een van hul-
le, met die naam A′gabus,[n] het
opgestaan en deur middel van
die gees begin aandui dat
daar weldra 'n groot honger-
snood oor die hele bewoonde
aarde sou kom;[o] wat dan ook
in die tyd van Claudius plaasge-
vind het. **29** Toe het die dissi-
pels besluit om, elkeen volgens
wat hy kon bekostig,[p] iets vir

**HFST. 11**
a Han 15:9
b Han 10:16
c Han 10:17
d Joh 16:13; Han 10:19
e Han 10:23; Han 15:7
f Han 10:30
g Han 16:30
h Han 2:4
i Mt 3:11; Mr 1:8; Lu 3:16; Han 1:5
j Jes 44:3; Jl 2:28; Joh 1:33; Han 2:17
k Han 15:8; Ga 3:2
l Da 4:35; Han 10:47
m Han 21:14
n Lu 2:20; Han 13:48; Han 14:27
o Jes 11:10; Han 17:30; Han 20:21; Ro 10:12; Ro 15:9
p Han 8:1
q Han 21:2
r Han 21:3
s Mt 10:6

**Tweede kol.**
a Han 6:1; Han 9:29
b Mr 13:10; Ef 3:8
c Lu 1:66
d Han 2:47; Han 9:35
e Han 4:36
f Heb 12:15
g 3Jo 4
h Han 13:43; Han 14:22
i Han 2:47; Han 4:4; Han 5:14; Han 9:31
j Han 21:39
k Han 9:30
l Han 9:2
m Han 13:1; Han 15:32; 1Ko 12:28; Ef 4:11
n Han 21:10
o Mt 24:7; Lu 4:25
p 2Ko 8:12

noodleniging[a] aan die broers
te stuur wat in Jude′a woon;
**30** en hulle het dit dan ook ge-
doen en dit deur die hand van
Bar′nabas en Saulus aan die
ouer manne gestuur.[b]

**12** Omstreeks dié tyd het
koning Herodes sy han-
de aan party van die lede van
die gemeente geslaan om hul-
le te mishandel.[c] **2** Hy het Ja-
kobus, die broer van Johannes,[d]
met die swaard om die lewe ge-
bring.[e] **3** Toe hy sien dat dit
die Jode behaag,[f] het hy verder
ook vir Petrus gearresteer. (En
dit was die dae van die onge-
suurde koeke.)[g] **4** En hy het
hom gegryp en in die gevange-
nis gesit[h] en hom oorgegee aan
vier groepe van vier soldate
elk om hom te bewaak, aange-
sien hy van plan was om hom
ná die pasga voor die volk te
bring.[i] **5** Gevolglik is Petrus
in die gevangenis bewaak; maar
die gemeente het voortdurend
intense gebede tot God vir hom
gedoen.[j]

**6** En toe Herodes op die punt
staan om hom voor te bring,
het Petrus dié nag, geboei met
twee kettings, tussen twee sol-
date geslaap, en wagte voor
die deur het die gevangenis be-
waak. **7** Maar kyk! Jehovah
se engel het daar gestaan,[k] en
’n lig het in die gevangenissel
geskyn. Hy het Petrus wakker
gemaak deur hom op die sy te
slaan[l] en gesê: “Staan gou op!”
En sy kettings het van sy hande
afgeval.[m] **8** Die engel[n] het vir
hom gesê: “Omgord jou en bind
jou sandale aan.” Hy het dit ge-
doen. Laastens het hy vir hom
gesê: “Trek jou bokleed[o] aan en
hou aan om my te volg.” **9** En
hy het uitgegaan en aangehou
om hom te volg, maar hy het nie
geweet dat wat deur middel van
die engel gebeur werklik is nie.
Trouens, hy het gedink dat hy
’n visioen sien.[a] **10** Toe hulle
deur die eerste en die tweede
skildwag gegaan het, het hul-
le by die ysterpoort gekom wat
na die stad lei, en dit het van-
self vir hulle oopgegaan.[b] En
nadat hulle uitgegaan het, het
hulle een straat ver gegaan, en
onmiddellik het die engel hom
verlaat. **11** En Petrus het tot
homself gekom en gesê: “Nou
weet ek inderdaad dat Jehovah
sy engel uitgestuur[c] en my ver-
los[d] het uit Herodes se hand en
van alles wat die Joodse volk
verwag het.”

**12** En nadat hy dit oordink
het, het hy na die huis van Ma-
ria gegaan, die moeder van Jo-
hannes wat die bynaam Mar-
kus[e] gehad het, waar ’n hele
paar bymekaar was en gebid
het. **13** Toe hy aan die poort-
deur klop, het ’n diensmeisie
met die naam Rode gekom om
te hoor wie daar is, **14** en toe
sy die stem van Petrus her-
ken, het sy uit vreugde nie die
poort oopgemaak nie, maar na
binne gehardloop en vertel dat
Petrus voor die poort staan.
**15** Hulle het vir haar gesê: “Jy
is kranksinnig.” Maar sy het
volgehou dat dit so is. Hulle
het begin sê: “Dit is sy engel.”[f]
**16** Maar Petrus het aangehou
klop. Toe hulle oopmaak, het
hulle hom gesien en was hulle
verbaas. **17** Maar hy het met
sy hand vir hulle beduie[g] om
stil te bly en vir hulle in be-
sonderhede vertel hoe Jehovah
hom uit die gevangenis gebring
het, en hy het gesê: “Vertel
hierdie dinge vir Jakobus[h] en
die broers.” Daarop het hy uit-
gegaan en na ’n ander plek ge-
reis.

**HFST. 11**
a Le 25:35, Spr 3:27, Han 24:17, Ro 15:26, 1Ko 16:1, Ga 2:10
b Han 12:25, Ga 2:1

**HFST. 12**
c Joh 15:20, Han 4:3
d Mt 4:21
e Mt 20:23, Lu 11:49
f Han 24:27
g Eks 12:15, Eks 23:15, Le 23:6
h Lu 21:12, Han 5:18
i Eks 12:11
j 2Ko 1:11, Ef 6:18, 1Te 5:17, Jak 5:16
k Ps 34:7, Heb 1:14
l 1Kn 19:7
m Han 16:26
n Han 5:19
o Mr 10:50

**Tweede kol.**
a Han 11:5
b Han 16:26
c Ps 34:7, Da 3:28, Da 6:22, Heb 1:14
d 2Pe 2:9
e Han 13:5, Han 15:37, Kol 4:10
f Ge 48:16, Mt 18:10
g Han 13:16, Han 19:33
h Mt 13:55, Han 15:13, Han 21:18, 1Ko 15:7, Ga 1:19, Ga 2:9

**18** Wel, toe dit dag word,[a]
was daar groot beroering on-
der die soldate oor wat nou
eintlik van Petrus geword het.
**19** Herodes[b] het naarstig na
hom gesoek, en toe hy hom nie
vind nie, het hy die wagte on-
dervra en beveel dat hulle weg-
gelei moet word om gestraf te
word;[c] en hy het van Jude′a af-
gegaan na Sesare′a en ’n ruk
daar gebly.

**20** En hy was in ’n veglus-
tige bui teen die mense van Ti-
rus en van Sidon. Toe het hulle
eendragtig na hom toe gekom,
en nadat hulle Blastus oorreed
het, wat toesig oor die slaapka-
mer van die koning gehad het,
het hulle vrede begin vra, om-
dat hulle land deur dié van
die koning van voedsel voor-
sien is.[d] **21** Maar op ’n vasge-
stelde dag het Herodes konink-
like klere aangetrek en op die
regterstoel gaan sit en vir hul-
le ’n openbare toespraak begin
hou. **22** Daarop het die ver-
gaderde volk begin skreeu: “ ’n
God se stem en nie ’n mens s’n
nie!”[e] **23** Oombliklik het die
engel van Jehovah hom getref,[f]
omdat hy nie die heerlikheid
aan God gegee het nie;[g] en hy is
deur wurms opgeëet en het ge-
sterf.

**24** Maar die woord[h] van Je-
hovah het bly groei en ver-
sprei.[i]

**25** Wat Bar′nabas[j] en Saulus
betref, nadat hulle die noodle-
niging[k] in Jerusalem ten volle
uitgevoer het, het hulle te-
ruggekeer en Johannes,[l] wat
die bynaam Markus gehad het,
saamgeneem.

**13** En in Antiogi′ë was daar
profete[m] en onderrigters
in die plaaslike gemeente: Bar′-
nabas sowel as Si′meon, wat Ni-
ger genoem is, en Lu′cius[a] van
Sire′ne, en Mana′en, wat saam
met Herodes, die distriksheer-
ser, opgevoed is, en Saulus.
**2** Terwyl hulle Jehovah in die
openbaar gedien het[b] en gevas
het, het die heilige gees gesê:
“Sonder vir my van almal Bar′-
nabas en Saulus[c] af vir die werk
waarvoor ek hulle geroep het.”
**3** Toe het hulle gevas en gebid
en hulle die hande opgelê[d] en
hulle laat gaan.

**4** Daarop het hierdie manne,
wat deur die heilige gees uitge-
stuur is, afgegaan na Seleu′kië,
en daarvandaan het hulle weg-
geseil na Siprus. **5** En toe hul-
le in Sa′lamis aankom, het hulle
die woord van God in die sina-
goges van die Jode begin ver-
kondig. Hulle het ook Johan-
nes[e] as helper gehad.

**6** Toe hulle die hele eiland
tot by Pafos deurgegaan het,
het hulle ’n sekere man teëge-
kom, ’n towenaar, ’n valse pro-
feet,[f] ’n Jood wie se naam Bar-
Jesus was, **7** en hy was by
die prokonsul Ser′gius Pau-
lus, ’n intelligente man. Hier-
die man het Bar′nabas en Sau-
lus laat roep en vurig begeer
om die woord van God te hoor.
**8** Maar E′limas, die towenaar
(so word sy naam in werk-
likheid vertaal), het hulle be-
gin teëstaan[g] en die prokonsul
van die geloof probeer afkeer.
**9** Saulus, wat ook Paulus is, het
met heilige gees vervul geraak
en hom stip aangekyk **10** en
gesê: “O man vol van allerhande
bedrog en allerhande gemeen-
heid, jou kind van die Duiwel,[h]
jou vyand van alles wat regver-
dig is, sal jy nie ophou om die
regte weë van Jehovah te ver-
draai nie? **11** Kyk dan nou!
Jehovah se hand is op jou, en jy
sal blind wees en die sonlig ’n

**HFST. 12**
a Han 5:21
b Han 12:6
c Han 16:27
d 1Kn 5:9; Ese 27:17
e Ese 28:2; Jud 16
f 2Sa 24:17; 2Kr 32:21
g Jes 42:8; 1Ko 1:29
h Jes 55:11; Han 6:7; Han 19:20
i Kol 1:6
j Han 4:36
k Han 11:29
l Han 13:5; Han 15:37

**HFST. 13**
m Han 11:27; Han 15:32; 1Ko 12:28; Ef 4:11

**Tweede kol.**
a Han 11:20
b Ef 3:7; 1Ti 2:7
c Han 9:15; Heb 5:4
d Han 14:23; 1Ti 4:14; 2Ti 1:6
e Han 12:25
f Mt 24:24
g 2Ti 3:8
h Mt 13:38; Joh 8:44; 1Jo 3:8

tyd lank nie sien nie.” Oomblik-
lik het ’n dik mis en duisternis
op hom geval, en hy het rondge-
gaan en mense gesoek om hom
aan die hand te lei.[a] **12** Toe
die prokonsul[b] sien wat gebeur
het, het hy ’n gelowige geword,
aangesien hy verstom was oor
die leer van Jehovah.

**13** Die manne, tesame met
Paulus, het toe van Pafos uit-
gevaar en by Perge in Pamfi′-
lië[c] aangekom. Maar Johannes[d]
het hulle verlaat en na Jerusa-
lem teruggekeer.[e] **14** Hulle
het egter van Perge af verder
gegaan en by Antiogi′ë in Pisi′-
dië gekom, en hulle het op die
sabbatdag in die sinagoge[f] in-
gegaan en gaan sit. **15** Ná die
openbare voorlesing van die
Wet[g] en van die Profete het
die presiderende beamptes[h] van
die sinagoge na hulle gestuur
en gesê: “Manne, broers, as julle
enige woord van aanmoediging
vir die volk het, spreek dit dan.”
**16** Toe het Paulus opgestaan en
met sy hand beduie[i] en gesê:

“Manne, Israeliete en julle
ander wat God vrees, hoor.[j]
**17** Die God van hierdie volk Is-
rael het ons voorvaders uitge-
kies, en hy het die volk gedu-
rende hulle vreemdelingskap in
Egipteland verhef en hulle met
’n opgehefte arm daaruit gelei.[k]
**18** En hy het oor ’n tydperk
van omtrent veertig jaar[l] hul-
le handelswyse in die wildernis
verdra. **19** Nadat hy sewe na-
sies in die land Kanaän vernie-
tig het, het hy hulle land deur
die lot verdeel:[m] **20** dit al-
les gedurende omtrent vierhon-
derd-en-vyftig jaar.

“En hierna het hy vir hulle
rigters gegee tot op die profeet
Samuel.[n] **21** Maar van toe af
het hulle ’n koning geëis,[o] en
God het vir hulle Saul gegee,
die seun van Kis, ’n man uit die
stam Benjamin,[a] veertig jaar
lank. **22** En nadat hy hom af-
gesit het,[b] het hy vir hulle Da-
wid as koning verwek,[c] aan-
gaande wie hy getuig en gesê
het: ‘Ek het Dawid, die seun
van Isai,[d] gevind, ’n man na my
hart,[e] wat alles sal doen wat ek
begeer.’[f] **23** Uit die nageslag[g]
van hierdie man het God, vol-
gens sy belofte, vir Israel ’n
redder[h] gebring, Jesus, **24** na-
dat Johannes,[i] voor Sy koms,[j] in
die openbaar doop as ’n simbool
van berou aan die hele volk Is-
rael verkondig het. **25** Maar
terwyl Johannes sy loopbaan
volbring het, het hy gesê: ‘Wat
veronderstel julle is ek? Ek is
nie hy nie. Maar kyk! ná my
kom iemand wie se sandale ek
nie waardig is om van sy voete
los te maak nie.’[k]

**26** “Manne, broers, kinders
van die geslag van Abraham en
die ander onder julle wat God
vrees, die woord van hierdie
redding is aan ons gestuur.[l]
**27** Want die inwoners van Je-
rusalem en hulle heersers het
dié Een nie geken nie,[m] maar
toe hulle as regters opgetree
het, het hulle die dinge ver-
vul wat deur die Profete uitge-
spreek is[n] en wat elke Sabbat
voorgelees word, **28** en hoe-
wel hulle geen grond vir die
dood gevind het nie,[o] het hul-
le van Pilatus geëis dat hy te-
reggestel moet word.[p] **29** En
toe hulle alles volbring het wat
oor hom geskryf is,[q] het hulle
hom van die paal afgehaal[r] en
hom in ’n gedenkgraf neergelê.[s]
**30** Maar God het hom uit die
dode opgewek;[t] **31** en hy het
gedurende baie dae sigbaar ge-
word vir dié wat saam met hom
van Galile′a af na Jerusalem op-

**HFST. 13**

a Han 9:8
b Han 19:38
c Han 15:38
d Han 12:12
e Han 15:38
f Han 16:13, Han 17:2, Han 18:4, Han 19:8
g Han 15:21
h Mr 5:22
i Han 12:17, Han 21:40, Han 26:1
j Han 13:26
k Eks 6:6, Eks 14:8, De 7:6
l Eks 16:35, Nu 14:34, De 2:7
m De 7:1, Jos 14:2
n Rig 2:16, 1Sa 3:20
o 1Sa 8:5

**Tweede kol.**

a 1Sa 10:21, 1Sa 11:15
b Ho 13:11
c 1Sa 16:12, 2Sa 2:4, Ps 89:20
d 1Sa 16:1
e 1Sa 13:14
f Jes 44:28
g 2Sa 7:12, Jes 11:1
h Lu 1:32, Lu 1:69, Ro 11:26
i Mt 3:1, Lu 16:16
j Mt 1:21
k Mt 3:11, Lu 3:16
l Mt 10:6, Lu 24:47
m Joh 16:3, Han 3:17
n Ps 22:16, Ps 41:9, Jes 53:7, Sag 11:12
o Mt 26:60, Lu 23:15, Joh 19:4
p Mt 27:22, Joh 19:15
q Lu 18:31, Joh 19:36
r Joh 19:40
s Mt 27:60
t Mt 28:6, Han 2:24

gegaan het, wat nou sy getuies
by die volk is.[a]
**32** “En ons maak dan die
goeie nuus oor die belofte wat
aan die voorvaders gemaak is,[b]
aan julle bekend, **33** dat God
dit volkome vir ons, hulle kin-
ders, vervul het deurdat hy Je-
sus opgewek het;[c] net soos daar
in die tweede psalm geskrywe
staan: ‘Jy is my seun, ek het
vandag jou Vader geword.’[d]
**34** En dié feit dat hy hom uit
die dode opgewek het, bestem
om nie meer tot verderwing te-
rug te keer nie, het hy so be-
woord: ‘Ek sal julle die lief-
deryke goedhartighede teenoor
Dawid gee wat betroubaar is.’[e]
**35** Daarom sê hy ook in ’n an-
der psalm: ‘U sal nie toelaat dat
hy wat teenoor u lojaal is, ver-
derwing sien nie.’[f] **36** Want
enersyds het Dawid[g] in sy eie
geslag die uitdruklike wil van
God gedien en ontslaap en is hy
by sy voorvaders neergelê en
het hy wel verderwing gesien.[h]
**37** Andersyds het hy wat deur
God opgewek is, nie verderwing
gesien nie.[i]
**38** “Laat dit daarom aan jul-
le bekend wees, broers, dat ver-
gifnis van sondes deur middel
van dié Een aan julle verkondig
word;[j] **39** en dat elkeen wat
glo, deur middel van dié Een on-
skuldig verklaar word[k] van al-
les waarvan julle nie deur
middel van die wet van Moses
onskuldig verklaar kon word
nie.[l] **40** Sorg dus dat wat in
die Profete gesê word, nie oor
julle kom nie: **41** ‘Aanskou
dit, julle veragters, en wees ver-
wonderd daaroor en verdwyn,
want ek verrig ’n werk in jul-
le dae, ’n werk wat julle hoege-
naamd nie sal glo nie, al vertel
iemand dit vir julle in besonder-
hede.’ ”[m]

**42** En toe hulle uitgaan, het
die mense begin soebat dat
hierdie sake die volgende sab-
bat[a] tot hulle gespreek word.
**43** En nadat die sinagogever-
gadering uiteengegaan het, het
baie van die Jode en van die
proseliete wat God aanbid het,
Paulus en Bar′nabas gevolg,[b]
wat met hulle gepraat en hul-
le begin aanspoor het[c] om
voort te gaan in die onverdien-
de goedhartigheid van God.[d]
**44** Die volgende sabbat het
byna die hele stad bymekaar-
gekom om die woord van Jeho-
vah te hoor.[e] **45** Toe die Jode
die skare sien, is hulle met
jaloesie vervul[f] en het hulle die
dinge wat deur Paulus gespreek
is, lasterlik begin weerspreek.[g]
**46** Daarom het Paulus en Bar′-
nabas, wat met vrymoedigheid
gespreek het, gesê: “Dit was no-
dig dat die woord van God eers
tot julle gespreek word.[h] Aan-
gesien julle dit van julle af weg-
stoot[i] en julleself die ewige le-
we nie waardig ag nie—kyk!
ons wend ons tot die nasies.[j]
**47** Trouens, Jehovah het ons
met hierdie woorde die gebod
opgelê: ‘Ek het jou as ’n lig van
die nasies aangestel,[k] sodat jy
tot aan die einde van die aarde
tot ’n redding sal wees.’ ”[l]
**48** Toe dié uit die nasies dit
hoor, het hulle bly geword en
die woord van Jehovah verheer-
lik,[m] en almal wat die regte ge-
sindheid vir die ewige lewe ge-
had het, het gelowiges geword.[n]
**49** En die woord van Jehovah
is deur die hele land uitgedra.[o]
**50** Maar die Jode[p] het die hoog-
geagte vroue wat God aanbid
het en die vernaamste manne
van die stad opgestook, en hul-
le het ’n vervolging[q] teen Pau-
lus en Bar′nabas verwek en hul-
le buite hulle grense uitgewerp.

**HFST. 13**

a Mt 28:16, Han 1:3, Han 3:15, 1Ko 15:6
b Ge 12:3, Han 13:23, Ro 4:13
c Ro 1:4
d Ps 2:7, Heb 1:5, Heb 5:5
e Jes 55:3
f Ps 16:10, Han 2:31
g Han 2:34
h 1Kn 2:10, Han 2:29
i Han 2:27
j Da 9:24, Lu 24:47, Han 5:31, Han 10:43
k Jes 53:11, Ro 3:28, Ro 5:18
l Ro 8:3, Heb 7:19, Heb 10:1
m Hab 1:5

**Tweede kol.**

a Han 18:4
b Han 17:4
c Han 14:22
d Han 11:23, Tit 2:11
e Han 12:24
f Spr 27:4
g Han 14:2, Han 17:5
h Mt 10:6, Han 3:26, Ro 1:16
i Mt 22:8, Lu 7:30
j Jes 55:5, Lu 2:32, Han 18:6, Ro 10:19
k Jes 42:6
l Jes 49:6, Han 1:8
m Jes 39:5, Jes 66:5, Han 11:18, 2Te 1:12
n Ro 8:29
o Han 15:36
p Han 14:2, Han 14:19
q Mt 23:34, Han 17:5, 2Ti 3:11

51 Dié het die stof van hulle
voete teen hulle afgeskud[a] en
na Iko′nium gegaan. 52 En
die dissipels is voortdurend
met vreugde[b] en heilige gees
vervul.

14 En in Iko′nium[c] het hul-
le saam in die sinago-
ge[d] van die Jode ingegaan en
op so ’n wyse gespreek dat ’n
groot menigte Jode sowel as
Grieke[e] gelowiges geword het.
2 Maar die Jode wat nie geglo
het nie, het die siele van men-
se van die nasies opgestook[f]
en het hulle ten kwade teen
die broers beïnvloed.[g] 3 Hul-
le het dus ’n geruime tyd daar-
aan bestee om met vrymoedig-
heid te spreek op gesag van
Jehovah, wat getuig het van
die woord van sy onverdiende
goedhartigheid deur te gee dat
tekens en voortekens deur mid-
del van hulle hande plaasvind.[h]
4 Die menigte van die stad was
egter verdeeld, en party was
vir die Jode, maar ander vir
die apostels. 5 En toe ’n ge-
welddadige poging deur mense
van die nasies sowel as die Jode
saam met hulle heersers aan-
gewend is om hulle minagtend
te behandel en hulle met klippe
te gooi,[i] 6 het hulle, toe hulle
daarvan vertel is, na die stede
Likao′nië, Listra en Derbe en
die omliggende gebied gevlug;[j]
7 en daar het hulle voortge-
gaan om die goeie nuus bekend
te maak.[k]

8 En in Listra het daar ’n se-
kere man gesit wat nie sy voe-
te kon gebruik nie, kreupel van
sy moeder se skoot af,[l] en hy
het nooit geloop nie. 9 Hier-
die man het geluister terwyl
Paulus gepraat het, en dié het,
toe hy hom stip aankyk en sien
dat hy geloof het[m] om gesond
gemaak te word, 10 met ’n
harde stem gesê: “Staan regop
op jou voete.” En hy het opge-
spring en begin loop.[a] 11 En
toe die skare sien wat Paulus
gedoen het, het hulle hulle stem
verhef en in Likao′nies gesê:
“Die gode[b] het soos mense ge-
word en het na ons toe neer-
gedaal!” 12 En hulle het Bar′-
nabas Zeus begin noem, maar
Paulus Hermes, aangesien hy
die woordvoerder was. 13 En
die priester van Zeus, wie se
tempel voor die stad was, het
bulle en sierkranse na die poor-
te gebring en wou saam met die
skare offerandes bring.[c]

14 Toe die apostels Bar′na-
bas en Paulus egter hiervan
hoor, het hulle hulle boklere ge-
skeur en tussen die skare in-
gespring terwyl hulle uitgeroep
15 en gesê het: “Manne, waar-
om doen julle hierdie dinge?
Ons is ook mense[d] met dieself-
de gebreke[e] as julle en maak
die goeie nuus aan julle be-
kend sodat julle julle van hier-
die nietige[f] dinge tot die lewen-
de God sal keer,[g] wat die hemel
en die aarde en die see en al-
les wat in hulle is, gemaak het.[h]
16 In die vergange geslagte het
hy al die nasies toegelaat om
in hulle weë voort te gaan,[i]
17 hoewel hy homself inder-
daad nie sonder getuienis ge-
laat het nie deurdat hy goed ge-
doen het[j] deur vir julle reëns[k]
uit die hemel en vrugbare tye
te gee en julle harte geheel en
al met voedsel en vrolikheid te
vul.”[l] 18 Maar selfs deur hier-
die dinge te sê, het hulle die
skare nouliks verhinder om of-
ferandes aan hulle te bring.

19 Daar het egter Jode van
Antiogi′ë en Iko′nium aange-
kom en die skare oorreed,[m] en
hulle het Paulus gestenig en
hom tot buite die stad gesleep,

HFST. 13
a Mt 10:14, Lu 9:5, Han 18:6
b Mt 5:12, 1Te 1:6

HFST. 14
c 2Ti 3:11
d Han 13:5
e Han 17:4
f Han 13:45
g Ro 15:31
h Han 5:12, Han 19:11, Heb 2:4
i Han 14:19, 1Te 2:2, 2Ti 3:11
j Mt 10:23
k 1Ko 1:17
l Han 3:2
m Mt 9:28

Tweede kol.
a Jes 35:6, Han 3:8
b Han 12:22, Han 28:6
c Da 2:46
d Han 10:26
e Jak 5:17
f De 32:21, 1Sa 12:21, Jer 10:15
g 1Te 1:9
h Ge 1:1, Eks 20:11, Ps 33:6, Ps 146:6, Han 4:24
i De 18:14, Han 17:30
j Han 17:27, Ro 1:20
k Ps 65:10, Ps 147:8, Jer 5:24, Mt 5:45
l Ps 145:16
m Han 17:13

onder die indruk dat hy dood
is.[a] **20** Toe die dissipels egter
rondom hom gaan staan, het hy
opgestaan en in die stad inge-
gaan. En die volgende dag het
hy saam met Barʹnabas na Der-
be[b] vertrek. **21** En nadat hul-
le die goeie nuus aan daardie
stad bekend gemaak en ’n hele
paar dissipels gemaak het,[c] het
hulle na Listra en na Ikoʹni-
um en na Antiogiʹë teruggekeer
**22** en die siele van die dissipels
versterk[d] en hulle aangemoedig
om in die geloof te bly en gesê:
“Ons moet deur baie verdruk-
kinge heen in die koninkryk
van God ingaan.”[e] **23** Daar-
benewens het hulle in elke ge-
meente vir hulle ouer manne
aangestel,[f] en terwyl hulle ge-
bid en gevas het,[g] het hulle hul-
le opgedra aan Jehovah,[h] in wie
hulle begin glo het.

**24** En hulle het deur Pisiʹdië
gegaan en in Pamfiʹlië[i] gekom,
**25** en nadat hulle die woord in
Perge gespreek het, het hul-
le afgegaan na Attaʹlië. **26** En
daarvandaan het hulle na An-
tiogiʹë[j] weggeseil, waar hul-
le vroeër aan die onverdiende
goedhartigheid van God toe-
vertrou is vir die werk wat hul-
le ten volle uitgevoer het.[k]

**27** Toe hulle daar aangekom
en die gemeente bymekaarge-
roep het, het hulle begin ver-
tel[l] van die baie dinge wat God
deur middel van hulle gedoen
het en dat hy vir die nasies
die deur tot geloof oopgemaak
het.[m] **28** Toe het hulle ’n ge-
ruime tyd by die dissipels deur-
gebring.

**15** En sekere manne het van
Judeʹa[n] afgekom en die
broers begin leer: “Tensy jul-
le volgens die gebruik van Mo-
ses[o] besny word,[p] kan julle nie

**HFST. 14**
a 2Ko 6:9
2Ko 11:25
2Ti 3:11
b Han 16:1
c Mt 28:19
d Han 11:23
e Mt 10:38
Joh 15:19
Ro 8:17
1Te 3:4
f Tit 1:5
g Han 13:3
h Han 20:32
i Han 13:13
j Han 13:1
k 1Ko 15:10
l Han 15:4
Han 21:19
m Han 11:18
1Ko 16:9

**HFST. 15**
n Ga 2:12
o Ge 17:10
Eks 12:48
Le 12:3
p Ga 5:2

**Tweede kol.**
a Han 11:30
Han 16:4
Ga 2:1
b Ro 15:24
1Ko 16:6
c Han 13:4
Han 14:27
d Han 11:18
e Han 21:17
f Han 21:19
g Han 11:2
h Eks 12:48
i Spr 13:10
Spr 15:22
j Mr 9:16
Han 15:2
k Han 10:34
Han 11:17
l 1Kr 28:9
Jer 11:20
Han 1:24
m Han 10:44
Han 11:15
n Ga 3:28

gered word nie.” **2** Maar na-
dat daar groot onenigheid en
’n heftige woordewisseling van
die kant van Paulus en Barʹna-
bas met hulle ontstaan het, het
hulle gereël dat Paulus en Barʹ-
nabas en ander van hulle na die
apostels en ouer manne in Jeru-
salem[a] opgaan in verband met
hierdie geskil.

**3** Nadat hierdie manne dan
’n ent deur die gemeente bege-
lei is,[b] het hulle verder gegaan
deur Feniʹsië sowel as Samariʹa
en in besonderhede vertel van
die bekering van mense van die
nasies,[c] en hulle het aan al die
broers groot vreugde verskaf.[d]
**4** Toe hulle in Jerusalem aan-
kom, is hulle vriendelik ont-
vang[e] deur die gemeente en die
apostels en die ouer manne, en
hulle het vertel van al die dinge
wat God deur middel van hul-
le gedoen het.[f] **5** Maar party
van dié van die sekte van die
Fariseërs wat gelowig geword
het, het uit hulle sitplek opge-
staan en gesê: “Hulle moet be-
sny word[g] en beveel word om
die wet van Moses te onder-
hou.”[h]

**6** En die apostels en die ouer
manne het bymekaargekom om
op hierdie aangeleentheid in te
gaan.[i] **7** En nadat hulle lank
geredeneer het,[j] het Petrus op-
gestaan en vir hulle gesê: “Man-
ne, broers, julle weet goed dat
God van die vroeë dae af die
keuse onder julle gedoen het
dat mense van die nasies deur
my mond die woord van die
goeie nuus moet hoor en moet
glo;[k] **8** en God, wat die harte
ken,[l] het getuienis afgelê deur
hulle die heilige gees te gee,[m]
net soos ook aan ons. **9** En
hy het hoegenaamd geen on-
derskeid tussen ons en hul-
le gemaak nie,[n] maar het hulle

harte deur geloof gesuiwer.[a]
10 Waarom stel julle God dan
nou op die proef deur ’n juk[b]
op die nek van die dissipels te
lê wat ons voorvaders en ook
ons nie kon dra nie?[c] 11 In-
teendeel, ons vertrou dat ons
op dieselfde wyse as ook daar-
die mense deur die onverdiende
goedhartigheid van die Here Je-
sus gered sal word.”[d]

12 Daarop het die hele me-
nigte stil geword, en hulle het
begin luister hoe Bar′nabas
en Paulus vertel van al die
tekens en voortekens wat God
deur hulle onder die nasies ge-
doen het.[e] 13 Nadat hulle op-
gehou praat het, het Jakobus
geantwoord en gesê: “Manne,
broers, hoor my aan.[f] 14 Si′-
meon[g] het breedvoerig vertel
hoe God vir die eerste keer
sy aandag op die nasies gerig
het om uit hulle ’n volk vir sy
naam te neem.[h] 15 En hier-
mee stem die woorde van die
Profete ooreen, net soos daar
geskrywe staan: 16 ‘Ná hier-
die dinge sal ek terugkeer en
die vervalle hut van Dawid her-
bou; en ek sal die puinhope
daarvan herbou en dit weer op-
rig,[i] 17 sodat dié wat oorbly
van die mense, Jehovah ern-
stig kan soek, tesame met men-
se van al die nasies, mense oor
wie my naam uitgeroep is, sê Je-
hovah, wat hierdie dinge doen,[j]
18 wat van ouds af bekend is.’[k]
19 My beslissing is derhalwe
om dit nie moeilik te maak vir
dié uit die nasies wat hulle tot
God keer nie,[l] 20 maar om
aan hulle te skryf om hulle te
onthou van dinge wat deur af-
gode besoedel is[m] en van hoere-
ry[n] en van wat verwurg is[o] en
van bloed.[p] 21 Want van ouds
af het Moses in stad na stad dié
gehad wat hom verkondig, om-
dat hy elke sabbat in die sinago-
ges voorgelees word.”[a]

22 Toe het die apostels en
die ouer manne tesame met
die hele gemeente dit goedge-
dink om gekose manne uit hul-
le midde saam met Paulus en
Bar′nabas na Antiogi′ë te stuur,
naamlik Judas, wat Bar′sab-
bas[b] genoem is, en Silas, manne
wat die leiding onder die broers
geneem het; 23 en hulle het
deur hulle hand geskryf:

“Die apostels en die ouer
manne, broers, aan dié broers
in Antiogi′ë[c] en Sirië en Sili′-
sië[d] wat uit die nasies is: Groe-
te! 24 Aangesien ons gehoor
het dat party uit ons midde jul-
le met woorde verontrus het[e]
en julle siele probeer omver-
werp het, hoewel ons hulle
geen instruksies gegee het nie,[f]
25 het ons tot ’n eenparige be-
sluit[g] gekom en dit goedgedink
om manne te kies om na jul-
le toe te stuur saam met ons
geliefdes, Bar′nabas en Pau-
lus,[h] 26 manne wat hulle sie-
le vir die naam van ons Here
Jesus Christus oorgegee het.[i]
27 Ons stuur dus Judas en Si-
las,[j] sodat hulle ook dieselfde
dinge mondeling kan berig.[k]
28 Want die heilige gees[l] en
ons het dit goedgedink om geen
verdere las[m] vir julle by te voeg
nie, behalwe hierdie noodsaak-
like dinge: 29 om julle voort-
durend te onthou van afgodsof-
fers[n] en van bloed[o] en van wat
verwurg[p] is en van hoerery.[q]
As julle julle sorgvuldig van
hierdie dinge bewaar,[r] sal jul-
le voorspoedig wees. Mag julle
goeie gesondheid geniet!”

30 Toe hulle dan hierdie
manne laat gaan het, het hulle
afgegaan na Antiogi′ë, en hul-
le het die menigte bymekaar-
geroep en die brief vir hulle

HFST. 15

a Ga 2:16, 1Pe 1:22
b Ga 5:1
c Ga 3:10
d Jes 53:11, Mt 20:28, Joh 1:17, Ga 2:16
e Ro 15:19
f Han 12:17
g Han 11:13, 2Pe 1:1
h Jes 55:5, 1Pe 2:9
i Am 9:11
j Am 9:12
k Jes 45:21
l Han 15:10
m Ge 35:2, Eks 20:3, Ese 20:30, 1Ko 8:7, 1Ko 10:14
n 1Ko 6:9, Kol 3:5, 1Te 4:3
o Le 17:13
p Ge 9:4, Le 3:17, Le 7:26, Le 17:10, Le 19:26, De 12:23, De 15:23, 1Sa 14:32

Tweede kol.

a Han 13:15, 2Ko 3:15
b Han 1:23
c Han 11:26
d Ga 1:21
e Han 15:1
f Ga 2:4, Tit 1:10
g Han 1:14
h 2Pe 3:15
i Han 13:50, 1Ko 15:30, 2Ko 11:23, Flp 2:29
j 1Te 1:1, 1Pe 5:12
k Han 16:4
l Joh 16:13, Han 5:32
m Mt 23:4
n Ge 35:2, Eks 20:3, Eks 34:15, Ese 20:30, 1Ko 8:1, 1Ko 10:14
o Ge 9:4, Le 3:17, Le 7:26, Le 17:10, De 12:16, De 12:23, 1Sa 14:32
p Le 17:13
q Ge 39:9, 1Ko 6:9, Ef 5:5, Kol 3:5, 1Te 4:3, 1Pe 4:3
r Han 21:25

gegee.[a] **31** Nadat hulle dit gelees het, was hulle bly oor die aanmoediging.[b] **32** En Judas en Silas, wat self ook profete was,[c] het die broers met baie toesprake aangemoedig en versterk.[d] **33** En nadat hulle ’n tyd daar deurgebring het, het die broers hulle in vrede laat gaan[e] na dié wat hulle uitgestuur het. **34** —— **35** Paulus en Bar′nabas het egter nog ’n ruk in Antiogi′ë[f] gebly en geleer en, saam met nog baie ander, die goeie nuus van die woord van Jehovah bekend gemaak.[g]

**36** En ná etlike dae het Paulus vir Bar′nabas gesê: “Laat ons bowenal terugkeer en die broers besoek in elkeen van die stede waarin ons die woord van Jehovah verkondig het, om te sien hoe dit met hulle gaan.”[h] **37** Wat Bar′nabas betref, hy was vasbeslote om ook Johannes, wat Markus[i] genoem is, saam te neem. **38** Maar Paulus het nie gedink dat dit gepas is om hom saam te neem nie, aangesien hy hulle van Pamfi′lië af verlaat het[j] en nie saam met hulle na die werk gegaan het nie. **39** Hierop het ’n skerp uitbarsting van toorn plaasgevind, sodat hulle uitmekaar gegaan het; en Bar′nabas[k] het Markus saamgeneem en na Siprus weggeseil.[l] **40** Paulus het Silas[m] gekies en vertrek nadat hy deur die broers aan die onverdiende goedhartigheid van Jehovah toevertrou is.[n] **41** Maar hy het deur Sirië en Sili′sië gegaan en die gemeentes versterk.[o]

**16** Toe het hy in Derbe en ook in Listra[p] aangekom. En kyk! dáár was ’n sekere dissipel met die naam Timo′teus,[q] die seun van ’n gelowige Joodse vrou maar van ’n Griekse vader, **2** en hy is gunstig vermeld deur die broers in Listra en Iko′nium. **3** Paulus het die wens uitgespreek dat hierdie man saam met hom moet uitgaan, en hy het hom geneem en hom besny[a] weens die Jode wat in daardie plekke was, want almal sonder uitsondering het geweet dat sy vader ’n Griek is. **4** En terwyl hulle deur die stede voortgereis het, het hulle aan diegene wat daar was, die verordeninge waarop die apostels en ouer manne in Jerusalem[b] besluit het, oorgedra om te onderhou. **5** Daarom is die gemeentes inderdaad voortdurend standvastig gemaak in die geloof[c] en het hulle van dag tot dag in getal bly toeneem.

**6** Hulle het ook deur Fri′gië en die land van Gala′sië[d] gegaan, omdat hulle deur die heilige gees verbied is om die woord in die landstreek Asië te spreek. **7** En toe hulle tot by Mi′sië afgekom het, het hulle pogings aangewend om na Biti′nië[e] te gaan, maar die gees van Jesus het hulle dit nie toegelaat nie. **8** Hulle het Mi′sië dus verbygegaan en afgekom na Troas.[f] **9** En gedurende die nag het Paulus ’n visioen gehad:[g] daar het ’n sekere Masedo′niese man gestaan en hom gesoebat en gesê: “Kom oor na Masedo′nië en help ons.” **10** En onmiddellik nadat hy die visioen gesien het, het ons ’n manier gesoek om na Masedo′nië te gaan,[h] aangesien ons die gevolgtrekking gemaak het dat God ons geroep het om die goeie nuus aan hulle bekend te maak.

**11** Ons het dus van Troas uitgevaar en reguit koers gehou na Samotra′ke, maar die

**HFST. 15**
a Han 11:26
b Spr 15:30
c Han 11:27; Han 13:1
d Han 13:15; Han 18:23
e 1Ko 16:11
f Han 13:1
g 2Ko 11:7
h 2Ko 11:28
i Kol 4:10; 2Ti 4:11
j Han 13:13
k Han 4:36; Han 13:4
l Han 11:20
m Han 15:27
n Han 14:26; Ef 3:7
o Han 16:5

**HFST. 16**
p Han 14:6; 2Ti 3:11
q Han 19:22; Ro 16:21; 1Ko 4:17; 1Te 3:2; 1Ti 1:2

**Tweede kol.**
a 1Ko 9:20
b Han 15:28
c Han 15:41
d Han 18:23; Ga 4:13
e 1Pe 1:1
f 2Ko 2:12; 2Ti 4:13
g Job 33:15; Han 9:10; 2Ko 12:1
h 2Ko 1:16; 2Ko 2:13

volgende dag na Nea′polis,
**12** en daarvandaan na Filip′pi,[a]
’n kolonie, wat die vernaamste
stad van die distrik Masedo′nië
is.[b] Ons het in hierdie stad ge-
bly en ’n paar dae daar deur-
gebring. **13** En op die sabbat-
dag het ons uitgegaan tot buite
die poort, langs ’n rivier, waar
ons gedink het ’n bidplek is;
en ons het gaan sit en met die
vroue begin praat wat byme-
kaargekom het. **14** En ’n se-
kere vrou met die naam Li′dia,
’n purperverkoopster, van die
stad Tiati′ra[c] en ’n aanbidder
van God, het geluister, en Jeho-
vah het haar hart wyd oopge-
maak[d] om aandag te skenk aan
die dinge wat Paulus gesê het.
**15** En toe sy en haar huisgeno-
te gedoop is,[e] het sy aangedring
en gesê: “As julle van oordeel is
dat ek getrou is aan Jehovah,
kom dan in my huis in en bly
daar.”[f] En sy het ons eenvoudig
gedwing om te kom.[g]

**16** En terwyl ons op pad was
na die bidplek, het ’n seke-
re diensmeisie met ’n gees,[h] ’n
waarsêende[i] demoon, ons tege-
moetgekom. Sy het aan haar
here groot wins verskaf[j] deur
die voorspelkuns te beoefen.
**17** Hierdie meisie het Paulus en
ons aanhoudend gevolg terwyl
sy die volgende woorde uitge-
roep[k] het: “Hierdie mense is sla-
we van die Allerhoogste God,
wat aan julle die weg van red-
ding verkondig.” **18** Sy het
dit baie dae lank gedoen. Uit-
eindelik het Paulus moeg ge-
word daarvoor[l] en omgedraai
en vir die gees gesê: “Ek be-
veel jou in die naam van Je-
sus Christus om uit haar uit te
kom.”[m] En hy het daardie self-
de uur nog uitgekom.[n]

**19** Wel, toe haar here sien
dat hulle hoop op wins verdwyn
het,[a] het hulle Paulus en Silas
gegryp en hulle tot op die mark-
plein, na die heersers toe, ge-
sleep,[b] **20** en hulle het hulle
voor die burgerlike magistrate
gebring en gesê: “Hierdie men-
se bring ons stad in groot be-
roering,[c] omdat hulle Jode is,
**21** en hulle verkondig gebrui-
ke[d] wat ons nie mag aanvaar
of beoefen nie, aangesien ons
Romeine is.” **22** En die skare
het saam teen hulle opgestaan;
en nadat die burgerlike magi-
strate die boklere van hulle af-
geskeur het, het hulle beveel
dat hulle met stokke geslaan
moet word.[e] **23** Nadat hulle
hulle baie geslaan het,[f] het
hulle hulle in die gevangenis ge-
gooi en die tronkbewaarder be-
veel om hulle veilig te bewaak.[g]
**24** Omdat hy so ’n bevel gekry
het, het hy hulle in die binne-
ste gevangenis[h] gegooi en hulle
voete in die blok vasgemaak.[i]

**25** Maar omstreeks midder-
nag[j] was Paulus en Silas be-
sig om te bid en God met sang
te loof;[k] ja, die gevangenes het
hulle gehoor. **26** Skielik het
daar ’n groot aardbewing plaas-
gevind, sodat die fondamente
van die tronk geskud het. Daar-
benewens het al die deure oom-
bliklik oopgegaan en het almal
se boeie losgeraak.[l] **27** Die
tronkbewaarder, wat uit die
slaap wakker geword het en
gesien het dat die gevangenis-
deure oop was, het sy swaard
getrek en op die punt ge-
staan om homself om die lewe
te bring,[m] onder die indruk
dat die gevangenes ontsnap
het.[n] **28** Maar Paulus het met
’n harde stem uitgeroep en ge-
sê: “Moenie jouself kwaad aan-
doen nie,[o] want ons is almal
hier!” **29** Toe het hy ligte ge-
vra en na binne gespring en be-

**HFST. 16**
a Flp 1:1; 1Te 2:2
b Han 20:6
c Op 1:11
d Lu 24:45; 1Ko 3:7
e Han 16:33; Han 18:8
f Mt 10:11; Ro 12:13; Ga 6:6; Heb 13:2
g Ge 19:2; Rig 19:20; Lu 24:29
h 1Sa 28:7
i Le 19:31; Le 20:6
j Han 19:24
k Mr 1:24; Lu 4:41
l Mr 1:25
m Mr 1:34; Lu 9:1; Lu 10:17
n Mt 17:18

**Tweede kol.**
a Han 19:25
b Mt 10:18; 2Ko 6:5
c 1Kn 18:17; Han 17:6
d Est 3:8
e 1Te 2:2
f 2Ko 11:23
g Lu 21:12; Han 5:23
h Han 12:6; Han 12:10
i Ps 105:18; Jer 20:2
j Ps 42:8
k Ef 5:19; Kol 3:16; Jak 5:13
l Han 4:31; Han 5:19; Han 12:7
m Han 12:19
n 1Kn 20:39
o 1Te 5:15

wend voor Paulus en Silas neer-
geval.[a] **30** En hy het hulle na
buite gebring en gesê: “Mene-
re, wat moet ek doen[b] om ge-
red te word?” **31** Hulle het ge-
sê: “Glo in die Here Jesus en jy
sal gered word,[c] jy en jou huis-
genote.”[d] **32** En hulle het die
woord van Jehovah tot hom en
tot almal in sy huis gespreek.[e]
**33** En hy het hulle in daardie
uur van die nag saamgeneem
en hulle wonde gewas; en hy en
sy huis is almal sonder uitson-
dering dadelik gedoop.[f] **34** En
hy het hulle in sy huis inge-
bring en ’n tafel vir hulle voor-
gesit, en hy het hom grootliks
saam met al sy huisgenote ver-
bly noudat hy tot geloof in God
gekom het.

**35** Toe dit dag word, het die
burgerlike magistrate[g] die kon-
stabels gestuur om te sê: “Laat
daardie manne vry.” **36** Daar-
op het die tronkbewaarder
hulle woorde aan Paulus mee-
gedeel: “Die burgerlike magi-
strate het manne gestuur dat
julle twee vrygelaat kan word.
Kom dan nou uit en gaan in vre-
de.” **37** Maar Paulus het vir
hulle gesê: “Hulle het ons on-
veroordeeld in die openbaar ge-
slaan, manne wat Romeine is,[h]
en ons in die gevangenis gegooi;
en gooi hulle ons nou in die
geheim uit? Volstrek nie! maar
laat hulle self kom en ons uit-
bring.” **38** Toe het die konsta-
bels hierdie woorde aan die bur-
gerlike magistrate meegedeel.
Dié het bevrees geword toe hul-
le hoor dat die manne Romei-
ne is.[i] **39** Gevolglik het hulle
gekom en hulle gesoebat, en na-
dat hulle hulle uitgebring het,
het hulle hulle versoek om uit
die stad weg te gaan. **40** Maar
hulle het uit die gevangenis ge-
kom en na die huis van Li′dia
gegaan, en toe hulle die broers
sien, het hulle hulle aangemoe-
dig[a] en vertrek.

**17** Hulle het toe deur Am-
fi′polis en Apollo′nië ge-
reis en by Tessaloni′ka[b] gekom,
waar daar ’n sinagoge van die
Jode was. **2** Toe het Paulus
volgens sy gewoonte[c] na hul-
le toe ingegaan, en hy het drie
sabbatte lank uit die Skrif met
hulle geredeneer[d] **3** en ver-
duidelik en deur verwysings be-
wys dat die Christus moes ly[e]
en uit die dode moes opstaan[f]
en gesê: “Hierdie Jesus wat ek
aan julle verkondig, hý is die
Christus.”[g] **4** Gevolglik het
party van hulle gelowiges ge-
word[h] en by Paulus en Silas[i]
aangesluit, en so ook ’n groot
menigte van die Grieke wat
God aanbid het en ’n groot aan-
tal van die vernaamste vroue.

**5** Maar die Jode, wat jaloers
geword het,[j] het sekere godde-
lose manne onder die leeglêers
op die markplein saam met hul-
le geneem en ’n skare oproeri-
ges gevorm en die stad in op-
skudding gebring.[k] En hulle het
die huis van Jason[l] aangeval
in ’n poging om hulle voor die
gepeupel te bring. **6** Toe hul-
le hulle nie vind nie, het hul-
le Jason en sekere broers na die
stadsheersers toe gesleep en
uitgeroep: “Hierdie mense wat
die bewoonde aarde omgekeer[m]
het, is ook hier teenwoordig,
**7** en Jason het hulle gasvry
ontvang. En al hierdie mense
handel in stryd met die veror-
deninge[n] van die keiser en sê
dat daar ’n ander koning is,[o] Je-
sus.” **8** Hulle het die skare en
die stadsheersers in beroering
gebring toe hulle hierdie dinge
hoor; **9** en eers nadat hulle
voldoende borgtog van Jason

**HFST. 16**
a Han 10:25
b Han 2:37
c Joh 3:16, Joh 6:47
d Han 11:14
e Han 10:24
f Han 8:12, Han 16:15
g Han 16:20
h Han 22:25, Han 23:27
i Han 22:29

**Tweede kol.**
a Lu 22:32, 2Ko 1:4

**HFST. 17**
b 1Te 2:1
c Han 9:20, Han 13:14, Han 14:1, Han 18:4
d Han 18:19
e Ps 22:7, Ps 22:16, Ps 34:20, Ps 69:21, Ps 118:22, Jes 50:6, Jes 53:3, Jes 53:5
f Ps 16:10, Lu 24:46
g Han 18:28, Ga 3:1
h Han 28:24
i Han 15:22, Han 15:40
j Han 13:45
k Han 16:20
l Ro 16:21
m 1Kn 18:17, Han 16:20
n Esr 4:12
o Lu 23:2, Joh 19:12

en die ander geneem het, het
hulle hulle laat gaan.
**10** Die broers het Paulus so-
wel as Silas onmiddellik in die
nag[a] na Bere′a gestuur, en toe
hulle daar aankom, het hul-
le in die sinagoge van die Jode
ingegaan. **11** En laasgenoem-
des was edelmoediger as dié in
Tessaloni′ka, want hulle het die
woord met die grootste gretig-
heid van verstand ontvang en
die Skrif[b] elke dag sorgvuldig
ondersoek[c] of hierdie dinge so
was.[d] **12** Baie van hulle het
dus gelowiges geword, en so
ook ’n groot aantal van die
hooggeagte[e] Griekse vroue en
van die manne. **13** Maar toe
die Jode van Tessaloni′ka ver-
neem dat die woord van God
ook in Bere′a deur Paulus ver-
kondig word, het hulle ook
daarheen gekom om die volks-
massa aan te hits[f] en in be-
roering te bring.[g] **14** Toe het
die broers Paulus onmiddellik
weggestuur om tot by die see
te gaan;[h] maar Silas sowel as
Timo′teus het daar agtergebly.
**15** Dié wat Paulus begelei het,
het hom egter tot by Atene ge-
bring, en nadat hulle ’n opdrag
vir Silas en Timo′teus[i] ontvang
het om so gou moontlik na hom
toe te kom, het hulle vertrek.
**16** En terwyl Paulus in Ate-
ne vir hulle gewag het, het sy
gees in hom geïrriteerd geraak[j]
toe hy sien dat die stad vol afgo-
de is. **17** Gevolglik het hy in
die sinagoge met die Jode[k] en
die ander mense wat God aan-
bid het, begin redeneer, en elke
dag op die markplein[l] met dié
wat daar was. **18** Maar som-
mige van die Epiku′riese so-
wel as die Stoïsyn′se filosowe[m]
het met hom begin stry, en
party het gesê: “Wat sou hier-
die babbelaar tog wil sê?”[n] An-
der: “Dit lyk of hy ’n verkondi-
ger van vreemde gode is.” Dit
was omdat hy die goeie nuus
van Jesus en die opstanding
bekend gemaak het.[a] **19** Toe
het hulle hom gegryp en hom
na die Areo′pagus gelei en ge-
sê: “Kan ons te wete kom wat
hierdie nuwe leer[b] is waaroor jy
praat? **20** Want jy bring som-
mige dinge in wat vreemd klink
in ons ore. Daarom wil ons te
wete kom wat hierdie dinge tog
beteken.”[c] **21** Trouens, al die
Ateners en die uitlanders wat
daar vertoef het, het hulle vrye
tyd met niks anders deurge-
bring as om iets nuuts te ver-
tel of aan te hoor nie. **22** Pau-
lus het toe in die middel van die
Areo′pagus[d] gestaan en gesê:
“Manne van Atene, ek sien
dat julle in alles blykbaar meer
tot die vrees vir die gode[e] ge-
neig is as ander. **23** Terwyl ek
rondgegaan en julle voorwerpe
van verering sorgvuldig waar-
geneem het, het ek byvoorbeeld
ook ’n altaar gevind waarop ge-
graveer is: ‘Aan ’n Onbeken-
de God.’ Waaraan julle dan
nou onwetend godvrugtige toe-
gewydheid betoon, dít verkon-
dig ek aan julle. **24** Die God
wat die wêreld en alles daarin
gemaak het, die Een wat Here
van hemel en aarde is,[f] woon
nie in handgemaakte tempels[g]
nie, **25** en ook word hy nie
deur mensehande bedien asof
hy enigiets nodig het nie,[h] om-
dat hy self aan almal lewe[i] en
asem[j] en alles gee. **26** En hy
het uit een mens[k] elke nasie[l]
van die mense gemaak om op
die hele oppervlak van die aar-
de te woon,[m] en hy het die
vasgestelde tye[n] en die bepaal-
de grense van die woonplek van
die mense verorden,[o] **27** so-
dat hulle God sou soek,[p] indien

**HFST. 17**
a Han 9:25
b Joh 5:39
c Lu 16:29
d Spr 14:15
e Han 13:50
f Han 14:19, 1Te 2:15
g Han 14:2
h Mt 10:23
i Han 16:1, 1Te 3:2
j 2Pe 2:8
k Han 13:5, Han 18:19
l Spr 1:20
m 1Ko 1:22, Kol 2:8
n 1Ko 4:13

**Tweede kol.**
a Joh 5:29, Joh 11:25, 1Ko 15:12, Op 20:6
b Mr 1:27
c Han 2:12
d Han 17:34
e Han 17:16
f Ps 146:6, Jes 42:5, Han 4:24, Han 14:15
g 1Kn 8:27, Jes 66:1, Han 7:48
h Ps 50:12
i Ge 2:7
j Jes 42:5
k Ge 5:2
l Ge 1:28
m De 32:8
n Ps 74:17
o De 2:5, De 2:19, De 32:8, Jes 34:17
p De 4:29, Jes 55:6

hulle na hom sou tas en hom
werklik sou vind,[a] hoewel hy
eintlik nie ver van elkeen van
ons af is nie. **28** Want deur
hom het ons lewe en beweeg en
bestaan ons,[b] soos ook sommige
van die digters[c] onder julle ge-
sê het: 'Want ons is ook sy na-
komelinge.'

**29** "Aangesien ons dan die
nakomelinge van God is,[d] moet
ons nie dink dat die Goddeli-
ke Wese[e] gelyk is aan goud of
silwer of klip nie, aan iets wat
deur die kunsvaardigheid en
vindingrykheid van die mens
gebeeldhou is nie.[f] **30** God
het weliswaar die tye van sulke
onkunde oorgesien,[g] maar nou
sê hy vir die mensdom dat hul-
le almal oral berou moet hê.[h]
**31** Want hy het 'n dag vasge-
stel waarop hy van voorneme is
om die bewoonde aarde in reg-
verdigheid te oordeel[i] deur 'n
man wat hy aangestel het, en
hy het aan alle mense 'n waar-
borg verskaf deurdat hy hom
uit die dode opgewek het."[j]

**32** Wel, toe hulle van 'n op-
standing van die dooies hoor,
het party die spot begin dryf,[k]
terwyl ander gesê het: "Ons sal
jou weer hieroor hoor." **33** So
het Paulus uit hulle midde weg-
gegaan, **34** maar party man-
ne het by hom aangesluit en ge-
lowiges geword, onder wie ook
Dioni′sius, 'n regter van die ge-
regshof van die Areo′pagus,[l] en
'n vrou met die naam Da′maris,
en ander benewens hulle.

**18** Ná hierdie dinge het hy
uit Atene vertrek en in
Korinte gekom. **2** En hy het
'n sekere Jood met die naam
A′quila[m] gevind, 'n boorling
van Pontus wat kort tevore uit
Italië[n] gekom het, en sy vrou
Priscil′la, omdat Claudius[o] al
die Jode beveel het om Rome te
verlaat. Toe het hy na hulle toe
gegaan, **3** en omdat hy van
dieselfde ambag was, het hy by
hulle tuisgegaan, en hulle het
gewerk,[a] want hulle was tent-
makers van ambag. **4** Hy het
egter elke sabbat 'n toespraak
in die sinagoge[b] gehou en Jode
en Grieke oorreed.

**5** En toe Silas[c] sowel as Ti-
mo′teus[d] van Masedo′nië af-
kom, het Paulus hom inten-
sief met die woord begin besig
hou en aan die Jode getuig om
te bewys dat Jesus die Christus
is.[e] **6** Maar nadat hulle aange-
hou het om teenstand te bied
en smadend te praat,[f] het hy
sy klere uitgeskud[g] en vir hulle
gesê: "Laat julle bloed[h] op julle
eie hoof wees. Ek is rein.[i] Van
nou af sal ek na mense van die
nasies toe gaan."[j] **7** Daarop
het hy daarvandaan weggegaan
en ingegaan in die huis van
'n man met die naam Ti′tius
Justus, 'n aanbidder van God,
wie se huis langsaan die sinago-
ge was. **8** Maar Krispus,[k] die
presiderende beampte van die
sinagoge, het in die Here be-
gin glo, en so ook al sy huis-
genote. En baie van die Korin-
tiërs wat gehoor het, het begin
glo en is gedoop. **9** En die
Here het in die nag deur mid-
del van 'n visioen vir Paulus[l]
gesê: "Moenie vrees nie, maar
hou aan praat en moenie stilbly
nie, **10** want ek is met jou,[m]
en geen mens sal jou aanval om
jou kwaad aan te doen nie; want
ek het baie mense in hierdie
stad." **11** Toe het hy 'n jaar en
ses maande lank daar gebly en
die woord van God onder hulle
geleer.

**12** En terwyl Gal′lio prokon-
sul[n] van Aga′je was, het die
Jode eendragtig teen Paulus

**HFST. 17**
a Ps 145:18; Jer 23:23; Ro 1:20
b Jes 42:5
c Tit 1:12
d Ge 1:27
e Jos 22:22; Ps 50:1; Jes 46:9
f De 5:8; Jes 37:19; Jes 40:18; Jes 46:5; Han 19:26
g Han 14:16; Ro 3:25; Ro 5:13; Ef 4:18
h Lu 24:47
i Ps 96:13; Ps 98:9; Jes 2:4; Joh 5:22; Han 10:42
j Joh 11:25; Han 2:24; Han 13:33; Ro 6:5
k 1Ko 1:23
l Han 17:19

**HFST. 18**
m Han 18:26; 1Ko 16:19; 2Ti 4:19
n Heb 13:24
o Han 11:28

**Tweede kol.**
a Han 20:34; 1Ko 4:12; 1Ko 9:15; 1Te 2:9; 2Te 3:10
b Mt 4:23; Han 13:14; Han 17:2
c Han 15:27; Han 17:14
d Han 16:1; 1Te 3:6
e Han 17:3; Han 28:23
f 1Pe 4:4
g Mt 10:14; Han 13:51
h 1Kn 2:37; Ese 18:13; Ese 33:4
i Ese 3:18; Han 20:26
j Han 13:46; Han 28:28; Ro 1:16
k 1Ko 1:14
l Lu 22:43; Han 23:11
m Jer 1:19; Mt 28:20
n Han 13:7; Han 19:38

opgestaan en hom na die reg-
terstoel gelei[a] **13** en gesê: “In
stryd met die wet bring hier-
die man[b] die mense tot ’n ander
oortuiging wat die aanbidding
van God betref.” **14** Maar net
toe Paulus sy mond wou oop-
maak, het Gal′lio vir die Jode
gesê: “As dit werklik die een of
ander onreg of ’n bose skurke-
streek was, o Jode, sou ek julle
met rede geduldig verdra het.
**15** Maar as dit geskille oor
woorde en name[c] en die wet[d]
onder julle is, is dit julle saak.
Ek wil nie in hierdie dinge ’n
regter wees nie.” **16** Daarop
het hy hulle van die regterstoel
verdryf. **17** Toe het hulle al-
mal vir Sos′tenes,[e] die presi-
derende beampte van die sina-
goge, gegryp en hom voor die
regterstoel begin slaan. Maar
Gal′lio het hom glad nie aan
hierdie dinge gesteur nie.

**18** Nadat Paulus nog ’n hele
paar dae gebly het, het hy eg-
ter van die broers afskeid ge-
neem en na Sirië weggeseil, en
Priscil′la en A′quila saam met
hom, aangesien hy die hare op
sy kop in Kenchre′ë[f] kort laat
knip het,[g] want hy het onder
’n gelofte gestaan. **19** Toe het
hulle in E′fese aangekom, en hy
het hulle daar verlaat; maar hy
het in die sinagoge ingegaan[h]
en met die Jode geredeneer.
**20** Hoewel hulle hom aanhou-
dend versoek het om langer te
bly, het hy nie ingestem nie,
**21** maar afskeid geneem[i] en vir
hulle gesê: “As Jehovah wil,[j] sal
ek weer na julle toe terugkeer.”
En hy het van E′fese uitgevaar
**22** en na Sesare′a afgekom. En
hy het opgegaan en die gemeen-
te gegroet en na Antiogi′ë afge-
gaan.

**23** En nadat hy ’n tyd daar
deurgebring het, het hy vertrek
en van plek tot plek deur die
land van Gala′sië[a] en Fri′gië[b]
gegaan en al die dissipels ver-
sterk.[c]

**24** En ’n sekere Jood met die
naam Apol′los,[d] ’n boorling van
Aleksandrië, ’n welsprekende
man, het in E′fese aangekom;
en hy was goed vertroud met
die Skrif.[e] **25** Hierdie man is
mondeling in die weg van Jeho-
vah onderrig, en aangesien hy
gegloei het van die gees,[f] het
hy die dinge omtrent Jesus met
juistheid gespreek en geleer,
hoewel hy net met die doop van
Johannes bekend was.[g] **26** En
hierdie man het vrymoedig in
die sinagoge begin spreek. Toe
Priscil′la en A′quila[h] hom hoor,
het hulle hom by hulle geneem
en die weg van God met gro-
ter juistheid vir hom uitgelê.
**27** Omdat hy na Aga′je wou
oorgaan, het die broers aan die
dissipels geskryf en hulle ge-
maan om hom vriendelik te ont-
vang. En toe hy daar kom, het
hy dié wat vanweë God se on-
verdiende goedhartigheid[i] ge-
lowig geword het, grootliks
gehelp;[j] **28** want hy het die
Jode in die openbaar kragtig en
deeglik verkeerd bewys, terwyl
hy aan die hand van die Skrif[k]
getoon het dat Jesus die Chris-
tus is.[l]

**19** In die loop van gebeur-
tenisse het Paulus, ter-
wyl Apol′los[m] in Korinte was,
deur die binneland gegaan en
na E′fese[n] afgekom en ’n aantal
dissipels gevind; **2** en hy het
vir hulle gesê: “Het julle heili-
ge gees ontvang[o] toe julle ge-
lowiges geword het?” Hulle het
vir hom gesê: “Ons het nog
nooit eens gehoor dat daar ’n
heilige gees is nie.”[p] **3** En hy
het gesê: “Waarin is julle dan

HFST. 18
a Han 16:19
b Han 24:5
c 1Ti 6:4
d Han 23:29; Han 25:19
e 1Ko 1:1
f Ro 16:1
g Nu 6:18; Han 21:23
h Han 13:14; Han 17:2
i Han 21:6
j Ro 1:10; 1Ko 4:19; Jak 4:15

Tweede kol.
a Ga 1:2
b Han 16:6
c Han 14:22; Han 15:32
d Han 19:1; 1Ko 1:12; 1Ko 3:6
e 1Ko 4:6
f Ro 12:11
g Han 19:3
h Ro 16:3; 1Ko 16:19
i Ef 2:8
j 1Ko 3:6
k Lu 24:27; 1Ko 15:3; 2Ti 3:16
l Ge 49:10; De 18:15; Ps 16:10; Jes 7:14; Mi 5:2; Mal 3:1; Han 9:22

HFST. 19
m Han 18:24; 1Ko 3:5
n 1Ko 16:8
o Han 2:38
p Han 8:16

gedoop?” Hulle het gesê: “In
Johannes se doop.”[a] **4** Paulus
het gesê: “Johannes het gedoop
met die doop as ’n simbool van
berou[b] en vir die volk gesê om
in die een te glo wat ná hom
kom,[c] dit is in Jesus.” **5** Toe
hulle dit hoor, is hulle in die
naam van die Here Jesus ge-
doop.[d] **6** En toe Paulus hulle
die hande oplê,[e] het die heilige
gees op hulle gekom, en hulle
het begin om in tale te praat en
te profeteer.[f] **7** Daar was al-
tesaam omtrent twaalf manne.

**8** Hy het in die sinagoge in-
gegaan[g] en drie maande lank
met vrymoedigheid gespreek,
terwyl hy toesprake gehou
en oorredingskrag gebruik het
aangaande die koninkryk[h] van
God. **9** Maar toe party aan-
hou om hulle te verhard en
steeds nie geglo het nie[i] en
voor die menigte kwaadge-
spreek het van Die Weg,[j] het
hy van hulle weggegaan[k] en die
dissipels van hulle afgesonder[l]
en elke dag toesprake in die
skoolouditorium van Tiran′nus
gehou. **10** Dit het twee jaar
lank so aangehou,[m] sodat almal
wat in die landstreek Asië[n] ge-
woon het, die woord van die
Here gehoor het, Jode sowel as
Grieke.

**11** En God het buitengewo-
ne kragtige werke deur die
hande van Paulus bly verrig,[o]
**12** sodat selfs doeke en voor-
skote van sy liggaam af na
die siekes geneem is,[p] en die
kwale het hulle verlaat, en
die bose geeste het uitgekom.[q]
**13** Maar sommige van die rond-
trekkende Jode wat demone[r]
uitgedryf het, het ook onder-
neem om die naam van die Here
Jesus[s] te noem oor dié wat die
bose geeste gehad het deur te
sê: “Ek gelas julle plegtig[t] by
Jesus wat deur Paulus verkon-
dig word.” **14** En daar was
sewe seuns van ’n sekere Ske-
va, ’n Joodse hoofpriester, wat
dit gedoen het. **15** Maar die
bose gees het geantwoord en
vir hulle gesê: “Ek ken Jesus[a]
en ek is met Paulus bekend;[b]
maar wie is julle?” **16** Daarop
het die man in wie die bose gees
was, op hulle gespring,[c] die een
na die ander oormeester en die
oorhand oor hulle gekry, sodat
hulle naak en gewond uit daar-
die huis gevlug het. **17** Dit
het aan almal, die Jode sowel
as die Grieke wat in E′fese ge-
woon het, bekend geword; en
vrees[d] het op hulle almal geval,
en die naam van die Here Jesus
is voortdurend groot gemaak.[e]
**18** En baie van dié wat gelowi-
ges geword het, het gekom en
hulle gebruike openlik bely[f] en
bekend gemaak. **19** Ja, heel-
party van dié wat toorkuns-
te[g] beoefen het, het hulle boeke
bymekaargebring en voor al-
mal verbrand. En hulle het die
waarde daarvan bereken en ge-
vind dat dit vyftigduisend sil-
werstukke werd was. **20** So
het die woord van Jehovah op ’n
magtige wyse bly groei en seë-
vier.[h]

**21** En toe hierdie dinge vol-
bring is, het Paulus hom in sy
gees voorgeneem dat hy, nadat
hy deur Masedo′nië[i] en Aga′je
gegaan het, na Jerusalem sou
reis[j] en het gesê: “Nadat ek daar
gekom het, moet ek Rome ook
sien.”[k] **22** Toe het hy twee
van dié wat hom gedien het, Ti-
mo′teus[l] en Eras′tus,[m] na Mase-
do′nië gestuur, maar hy het ’n
tyd lank in die landstreek Asië
vertoef.

**23** In dié tyd het daar ’n
groot opskudding[n] aangaande
Die Weg[o] ontstaan. **24** Want

**HFST. 19**

a Han 18:25
b Mt 3:11; Mr 1:4; Han 1:5
c Joh 1:15; Joh 1:30
d Han 8:16
e Han 8:17
f Han 2:4; Han 10:46; 1Ko 12:10
g Lu 4:16; Han 13:5; Han 17:2
h Han 1:3; Han 28:23; Han 28:31
i 2Te 3:2
j Han 9:2; Han 22:4
k Mt 10:14; Ro 16:17
l Tit 3:10; 2Jo 10
m Han 20:31
n Han 20:18; 2Ti 1:15
o Han 14:3
p Mr 6:56; Han 5:15
q Mt 10:1
r Mt 12:27
s Mr 9:38; Lu 9:49
t Han 16:18

**Tweede kol.**

a Mt 8:29; Mr 1:24; Lu 4:34
b Han 16:17
c Mt 8:28
d Han 2:43; Han 5:5
e 2Te 1:12
f Mt 3:6; Jak 5:16
g De 18:10; Da 2:2; Han 8:9
h Han 6:7; Han 12:24; Kol 1:6
i 1Ko 16:5
j Han 20:22; Ro 15:25
k Han 23:11; Ro 1:15
l Han 16:1
m 2Ti 4:20
n 2Ko 1:8
o Han 9:2; Han 19:9; Han 22:4

’n sekere man met die naam De-
me′trius, ’n silwersmid, het aan
die vakmanne groot wins[a] ver-
skaf deur silwertempeltjies van
Ar′temis te maak; **25** en hy
het hulle en dié wat aan sulke
dinge gewerk het,[b] bymekaar-
geroep en gesê: “Manne, julle
weet goed dat ons ons voor-
spoed aan hierdie bedryf te
danke het.[c] **26** Ook sien en
hoor julle hoe hierdie Paulus
nie net in E′fese[d] nie, maar in
byna die hele landstreek Asië
’n aansienlike menigte oorreed
het en hulle tot ’n ander mening
gebring het deur te sê dat dié
wat met hande gemaak word,[e]
nie gode is nie. **27** Bowendien
bestaan die gevaar nie net dat
hierdie bedryf van ons ’n sleg-
te naam sal kry nie, maar ook
dat die tempel van die groot go-
din Ar′temis[f] as niks geag sal
word nie, en selfs haar luis-
terrykheid, wat deur die hele
landstreek Asië en die bewoon-
de aarde aanbid word, is op die
punt om tot niet gemaak te
word.” **28** Toe die mense dit
hoor en met toorn vervul is,
het hulle begin uitroep en gesê:
“Groot is Ar′temis van die Efe-
siërs!”

**29** Toe het die stad heelte-
mal in verwarring geraak, en
hulle het soos een man die te-
ater ingestorm en die Masedo-
niërs Gajus en Aristar′gus,[g]
reisgenote van Paulus, met ge-
weld saamgeneem. **30** Wat
Paulus betref, hy was bereid
om na die volk toe in te gaan,
maar die dissipels het hom
dit nie toegelaat nie. **31** Selfs
party van die kommissarisse
van feeste en spele, wat hom
vriendelikgesind was, het na
hom gestuur en hom dringend
begin versoek om hom nie in die
teater te waag nie. **32** Feit is
dat party dít en ander dát uitge-
roep het;[a] want die vergadering
was in verwarring, en die mees-
te van hulle het nie geweet
waarom hulle bymekaargekom
het nie. **33** Tesame het hulle
Aleksander toe uit die skare ge-
bring, aangesien die Jode hom
vorentoe gestoot het; en Aleks-
ander het met sy hand beduie
en wou hom voor die volk ver-
dedig. **34** Maar toe hulle be-
merk dat hy ’n Jood is, het
daar een uitroep van hulle al-
mal opgegaan terwyl hulle om-
trent twee uur lank geskreeu
het: “Groot[b] is Ar′temis van die
Efesiërs!”

**35** Toe die stadskrywer die
skare uiteindelik tot bedaring
gebring het,[c] het hy gesê: “Man-
ne van E′fese, watter mens is
daar tog wat nie weet dat die
stad van die Efesiërs die tem-
pelbewaarder is van die groot
Ar′temis en van die beeld wat
uit die hemel geval het nie?
**36** Aangesien hierdie dinge
dan onbetwisbaar is, betaam
dit julle om kalm te bly en
nie oorhaastig te handel nie.[d]
**37** Want julle het hierdie man-
ne gebring, wat nie tempelro-
wers is nie en ook nie lasteraars
van ons godin nie. **38** As De-
me′trius[e] en die vakmanne
saam met hom dan ’n saak teen
iemand het—daar word hofdae[f]
gehou en daar is prokonsuls;[g]
laat hulle aanklagte teen me-
kaar inbring. **39** Maar as jul-
le iets verders verlang, moet dit
in ’n wettige vergadering beslis
word. **40** Want ons loop in-
derdaad gevaar om van opstand
aangekla te word oor vandag se
aangeleentheid, aangesien daar
geen enkele grond bestaan wat
ons in staat sal stel om ’n rede
te gee vir hierdie wanordelike
skare oproeriges nie.” **41** En

**HFST. 19**
a Han 16:16
b Ps 115:4
c Op 18:15
d Ef 1:1
e De 4:28
1Kr 16:26
Jes 44:10
Jer 10:3
Han 17:29
1Ko 8:4
f Han 19:34
g Han 20:4
Kol 4:10
Flm 24

**Tweede kol.**
a Han 21:34
b Han 19:28
c Spr 15:18
d Spr 14:29
e Han 19:24
f Han 17:34
g Han 13:7
Han 18:12

toe hy hierdie dinge gesê het,[a]
het hy die vergadering ont-
bind.[b]

**20** En nadat die opskudding
bedaar het, het Paulus
die dissipels laat haal, en toe hy
hulle aangemoedig en vaarwel
gesê het,[c] het hy vertrek om na
Masedo′nië te reis.[d] **2** Nadat
hy deur daardie streke gegaan
en diegene wat daar was, met
baie woorde aangemoedig het,[e]
het hy in Griekeland gekom.
**3** En toe hy drie maande daar
deurgebring het, het hy, omdat
die Jode ’n komplot[f] teen hom
gesmee het toe hy op die punt
gestaan het om na Sirië weg te
seil, besluit om deur Masedo′-
nië terug te keer. **4** Hy is ver-
gesel van So′pater,[g] die seun
van Pirrus van Bere′a, Aristar′-
gus[h] en Sekun′dus van die Tes-
salonisense, en Gajus van Der-
be, en Timo′teus,[i] en Ti′gikus[j]
en Tro′fimus[k] uit die landstreek
Asië. **5** Hulle het vooruitge-
gaan en in Troas[l] vir ons gewag;
**6** maar ons het ná die dae van
die ongesuurde koeke[m] van Fi-
lip′pi uitgevaar, en ons het bin-
ne vyf dae by hulle in Troas[n] ge-
kom; en daar het ons sewe dae
deurgebring.

**7** Op die eerste dag[o] van die
week, toe ons bymekaar was
om te eet, het Paulus hulle be-
gin toespreek, aangesien hy die
volgende dag sou vertrek; en
hy het sy toespraak tot midder-
nag verleng. **8** En daar was ’n
hele paar lampe in die bover-
trek[p] waar ons bymekaar was.
**9** ’n Sekere jong man met die
naam Eu′tigus, wat by die ven-
ster gesit het, het in ’n diep
slaap geval terwyl Paulus aan-
gehou praat het, en toe hy
in die slaap inmekaarsak, het
hy van die derde verdieping
afgeval en is hy dood opge-
tel. **10** Maar Paulus het on-
dertoe gegaan, op hom geval[a]
en sy arms om hom geslaan
en gesê: “HOU OP om ’n la-
waai te maak, want sy siel is
in hom.”[b] **11** Hy het toe boon-
toe gegaan en die maaltyd be-
gin en voedsel geëet, en nadat
hy ’n hele ruk gepraat het, tot
dagbreek toe, het hy eindelik
vertrek. **12** En hulle het die
seun lewend weggeneem en was
uitermate vertroos.

**13** Ons het toe vooruitge-
gaan na die boot en na Assus
weggeseil, waar ons van plan
was om Paulus aan boord te
neem, want nadat hy instruk-
sies hieromtrent gegee het, was
hy self van plan om te voet
te gaan. **14** En toe hy ons in
Assus inhaal, het ons hom aan
boord geneem en na Mitile′ne
gegaan; **15** en ons het die vol-
gende dag daarvandaan wegge-
seil en teenoor Chios gekom,
maar die dag daarop het ons
by Samos aangedoen, en nog ’n
dag later het ons by Mile′te aan-
gekom. **16** Want Paulus het
besluit om verby E′fese[c] te seil,
sodat hy geen tyd in die land-
streek Asië sou deurbring nie;
want hy het hom gehaas om, as
hy enigsins kon, op die dag van
die Pinksterfees in Jerusalem[d]
te wees.

**17** Van Mile′te af het hy eg-
ter na E′fese gestuur en die
ouer manne[e] van die gemeen-
te laat roep. **18** Toe hulle by
hom kom, het hy vir hulle ge-
sê: “Julle weet goed hoe ek,
van die eerste dag dat ek die
landstreek Asië[f] betree het, die
hele tyd by julle was[g] **19** en
die Here as slaaf[h] gedien het
met die grootste ootmoed[i] en
trane en beproewinge wat deur
die komplotte[j] van die Jode

**HFST. 19**
a Pr 9:17
b Han 19:32

**HFST. 20**
c 2Ko 2:13
d 1Ko 16:5; 1Ti 1:3
e Ro 12:8
f Han 23:16; Han 25:3; 2Ko 11:26
g Ro 16:21
h Han 27:2
i Han 16:1
j Ef 6:21; Kol 4:7; 2Ti 4:12
k Han 21:29; 2Ti 4:20
l Han 16:11
m Eks 12:14; Eks 23:15
n 2Ti 4:13
o 1Ko 16:2
p Han 1:13

**Tweede kol.**
a 1Kn 17:21; 2Kn 4:34
b Mt 9:24; Mr 5:39; Joh 11:40; Han 9:40
c Han 18:21
d Han 21:4; Han 24:17
e Han 11:30
f Han 16:6
g Han 19:10
h 2Ko 11:27
i 1Ko 15:9; 1Te 2:6; 1Pe 5:3
j Han 9:24; Han 20:3

oor my gekom het; **20** ter-
wyl ek my nie daarvan weer-
hou het om julle alles te vertel
wat nuttig is of om julle in die
openbaar en van huis[a] tot huis
te leer[b] nie. **21** Maar ek het
aan Jode sowel as Grieke deeg-
lik oor berou[c] teenoor God en
geloof in ons Here Jesus ge-
tuig.[d] **22** En kyk! gebonde in
die gees[e] reis ek nou na Jeru-
salem, hoewel ek nie weet wat-
ter dinge daar met my sal ge-
beur nie, **23** behalwe dat die
heilige gees[f] van stad tot stad
herhaaldelik aan my getuig en
sê dat boeie en verdrukkinge op
my wag.[g] **24** Nietemin heg ek
geen waarde aan my siel asof
dit vir my dierbaar is nie,[h] as
ek maar net my loopbaan[i] kan
volbring en die bediening[j] wat
ek van die Here Jesus ontvang
het,[k] om deeglik van die goeie
nuus van die onverdiende goed-
hartigheid van God te getuig.[l]
**25** "En kyk! ek weet nou
dat julle almal onder wie ek
rondgegaan het om die konink-
ryk te verkondig, my aangesig
nie meer sal sien nie. **26** Ek
roep julle derhalwe op hier-
die dag tot getuies dat ek rein is
van die bloed[m] van alle mense,
**27** want ek het my nie daar-
van weerhou om julle al die
raad[n] van God te vertel nie.
**28** Let[o] op julleself[p] en op die
hele kudde,[q] waaronder die hei-
lige gees julle as opsieners[r] aan-
gestel het, om as herders toe-
sig te hou oor die gemeente
van God,[s] wat hy met die bloed[t]
van sy eie Seun gekoop het.
**29** Ek weet dat onderdrukken-
de wolwe[u] ná my vertrek on-
der julle sal inkom en die kudde
nie met teerheid sal behandel
nie, **30** en uit julle eie midde
sal manne opstaan en verdraai-
de dinge[v] spreek om die dissi-
pels agter hulle aan weg te
trek.[a]
**31** "Bly dus wakker, en hou
in gedagte dat ek drie jaar
lank,[b] nag en dag, nie opgehou
het om elkeen met trane ern-
stig te vermaan nie.[c] **32** En
nou dra ek julle op aan God[d]
en aan die woord van sy on-
verdiende goedhartigheid, die
woord wat julle kan opbou[e] en
julle die erfenis onder al die ge-
heiligdes kan gee.[f] **33** Ek het
geen mens se silwer of goud
of klere hebsugtig begeer nie.[g]
**34** Julle weet self dat hierdie
hande voorsien het in my be-
hoeftes[h] en in dié van hulle wat
by my was. **35** Ek het in alles
vir julle getoon dat julle deur
so te arbei[i] die swakkes moet
bystaan[j] en die woorde van die
Here Jesus in gedagte moet
hou, toe hy self gesê het: 'Dit
verskaf groter geluk om te gee[k]
as om te ontvang.'"
**36** En toe hy hierdie dinge
gesê het, het hy saam met hul-
le almal neergekniel[l] en gebid.
**37** Daar het inderdaad 'n groot
gehuil onder hulle almal ont-
staan, en hulle het Paulus om
die hals geval[m] en hom teer ge-
soen,[n] **38** want hulle was ver-
al bedroef oor die woord wat hy
gespreek het, dat hulle sy ge-
sig[o] nie meer sou sien nie. Toe
het hulle hom na die boot bege-
lei.[p]

# 21

**21** En toe ons ons van hul-
le losgeskeur en uitge-
vaar het, het ons op 'n reguit
koers gevaar en by Kos gekom,
maar die volgende dag by Ro-
dos, en daarvandaan by Pa'tara.
**2** En toe ons 'n boot gevind
het wat na Feni'sië oorvaar, het
ons aan boord gegaan en weg-
geseil. **3** Nadat ons die eiland
Siprus[q] in sig gekry het, het ons

HFST. 20
a Han 5:42
b Mt 28:20; Han 20:27; 2Ti 4:2
c Mr 1:15; Lu 24:47; Han 2:38
d Han 18:5
e Han 19:21
f Han 21:4; Han 21:11
g Han 9:16
h Ro 8:35; 2Ko 4:16
i 2Ti 4:7
j 2Ko 4:1; 2Ko 5:18
k Ga 1:1
l 2Ko 6:1
m Ese 33:8; Han 18:6; 2Ko 7:2
n Mt 28:20; Joh 15:15
o Kol 4:17; 1Ti 4:16
p 1Ti 3:2
q Spr 27:23
r 1Ti 3:1; Tit 1:5; Heb 13:17
s Joh 21:15; Ef 4:11; 1Pe 5:2
t Mt 26:28; Joh 6:54; 1Jo 1:7
u Jes 56:11; Mt 7:15; 2Te 2:3; 2Pe 2:1
v 2Ti 4:3

Tweede kol.
a Ga 4:17; 1Ti 4:1; 1Jo 2:19
b Han 19:10
c 2Ko 2:4; 1Te 2:11
d Han 14:23
e Ro 16:25
f De 33:3; Ef 1:18; Kol 1:12
g 1Sa 12:3; Mt 10:8; 1Ko 9:12; 2Ko 7:2; Tit 1:7
h Han 18:3; 1Ko 4:12; 1Te 2:9
i Ef 4:28; 1Te 4:11; 2Te 3:8
j Ro 15:1
k Spr 19:17; Mt 10:8; Lu 6:38
l Han 21:5
m Ge 45:14
n Ro 16:16
o Han 20:25
p Han 15:3

HFST. 21
q Han 15:39

dit aan die linkerkant agterge-
laat en verder geseil na Sirië[a] en
by Tirus aan land gegaan, want
die boot moes sy vrag daar af-
laai.[b] **4** Ná ’n gesoek het ons
die dissipels gevind en sewe dae
daar gebly. Maar deur die gees[c]
het hulle herhaaldelik vir Pau-
lus gesê om nie ’n voet in Jeru-
salem te sit nie. **5** En toe ons
aan die einde van die dae ge-
kom het, het ons vertrek en op
reis gegaan; maar hulle almal,
saam met die vroue en kinders,
het ons tot buite die stad be-
gelei. En ons het op die strand
neergekniel[d] en gebid **6** en
van mekaar afskeid geneem,[e]
en ons het aan boord van die
boot gegaan, maar hulle het na
hulle huise teruggekeer.

**7** Ons het toe die seereis van
Tirus af voltooi en by Ptole-
ma′ïs aangekom, en ons het
die broers gegroet en een dag
by hulle gebly. **8** Die volgende
dag het ons vertrek en in Sesa-
re′a[f] aangekom, en ons het in-
gegaan in die huis van Filippus,
die evangeliedienaar, wat een
van die sewe manne[g] was, en
ons het by hom gebly. **9** Hier-
die man het vier dogters gehad,
maagde, wat geprofeteer het.[h]
**10** Maar terwyl ons ’n hele
aantal dae daar gebly het, het
’n sekere profeet met die naam
A′gabus[i] van Jude′a afgekom,
**11** en hy het na ons toe gekom
en Paulus se gordel geneem, sy
eie voete en hande gebind en
gesê: “Dít sê die heilige gees:
‘Die Jode sal die man aan wie
hierdie gordel behoort, só in Je-
rusalem bind[j] en in die hande
van mense van die nasies oor-
lewer.’ ”[k] **12** En toe ons dit
hoor, het ons sowel as dié van
daardie plek hom begin soe-
bat om nie na Jerusalem op te
gaan nie.[l] **13** Daarop het Pau-
lus geantwoord: “Wat doen julle
deur te huil[a] en my hart swak
te maak?[b] Wees gerus, ek is ge-
reed om nie net gebind te word
nie, maar ook om in Jerusalem
te sterf[c] vir die naam van die
Here Jesus.” **14** Toe hy hom
nie laat ompraat het nie, het
ons daarin berus met die woor-
de: “Laat die wil[d] van Jehovah
geskied.”

**15** En ná hierdie dae het ons
voorbereidings vir die reis ge-
tref en na Jerusalem begin op-
gaan.[e] **16** Maar party van die
dissipels uit Sesare′a[f] het ook
saam met ons gegaan om ons
na die man te bring in wie
se huis ons as gaste sou tuis-
gaan, ’n sekere Mnason van Si-
prus, ’n vroeë dissipel. **17** Toe
ons in Jerusalem kom,[g] het die
broers ons met blydskap ont-
vang.[h] **18** Maar die volgende
dag het Paulus saam met ons na
Jakobus[i] toe ingegaan; en al die
ouer manne was teenwoordig.
**19** En hy het hulle gegroet en
in besonderhede verslag begin
gee[j] van die dinge wat God deur
sy bediening onder die nasies
gedoen het.[k]

**20** Nadat hulle dit gehoor
het, het hulle God begin ver-
heerlik, en hulle het vir hom ge-
sê: “Jy sien, broer, hoeveel dui-
sende gelowiges daar onder die
Jode is; en hulle is almal ywe-
rig vir die Wet.[l] **21** Maar hulle
het ’n gerug oor jou gehoor dat
jy al die Jode onder die nasies
geleer het om van Moses afval-
lig te word[m] deur vir hulle te sê
om nie hulle kinders te besny[n]
of volgens die plegtige gebruike
te wandel nie. **22** Wat moet
dan daaromtrent gedoen word?
Hulle gaan in elk geval hoor dat
jy gekom het. **23** Doen dan
wat ons vir jou sê: Ons het
vier manne wat onder ’n gelofte

**HFST. 21**
a Han 20:3
b Han 27:10
c Han 21:11, Han 21:12
d Esr 9:5, Han 9:40, Han 20:36
e Han 18:21
f Han 18:22
g Han 6:5
h Jl 2:28, Han 2:17, 1Ko 11:5
i Han 11:28
j Han 20:23, Han 21:33
k Han 9:16
l Mt 16:22

**Tweede kol.**
a Han 20:24
b De 20:8
c 2Ko 4:10, 2Ti 4:6
d 1Sa 3:18, Mt 26:42
e Ro 15:25
f Han 18:22
g Han 24:11
h Han 15:4
i Han 12:17, Han 15:13, Ga 1:19, Ga 2:9, Jak 1:1
j Han 11:4, Han 14:27
k Han 15:12, Ro 15:18
l Han 15:1, Han 22:3, Ro 10:2, Ga 1:14
m Han 6:14, Ga 5:1
n Ro 2:28, 1Ko 7:19

staan. **24** Neem hierdie man-
ne saam[a] en reinig jou sere-
monieel saam met hulle en dra
die koste vir hulle,[b] sodat hul-
le hulle koppe kan laat skeer.[c]
En dan sal almal weet dat daar
niks in die gerugte steek wat
hulle oor jou vertel is nie, maar
dat jy ordelik wandel en dat
jy ook self die Wet onderhou.[d]
**25** Wat die gelowiges uit die na-
sies betref, ons het gestuur en
ons beslissing gegee dat hulle
hulle moet bewaar van afgods-
offers[e] sowel as van bloed[f] en
wat verwurg is[g] en van hoere-
ry."[h]

**26** Toe het Paulus die manne
die volgende dag saamgeneem
en hom saam met hulle seremo-
nieel gereinig[i] en in die tempel
ingegaan om kennis te gee van
die dae wat vervul moes word[j]
vir die seremoniële reiniging,
totdat die offer[k] vir elkeen van
hulle gebring moes word.[l]

**27** En toe die sewe dae[m]
byna om was, het die Jode van
Asië hom in die tempel gesien,
en hulle het die hele skare in
verwarring begin bring[n] en die
hande aan hom geslaan **28** en
uitgeroep: "Manne van Israel,
help! Dit is die man wat oral
aan almal dinge teen die volk[o]
en die Wet en hierdie plek leer,
en hy het boonop selfs Grieke
in die tempel ingebring en hier-
die heilige plek verontreinig."[p]
**29** Want hulle het Tro′fimus,[q]
die Efesiër, vantevore saam
met hom in die stad gesien,
maar hulle het gedink dat Pau-
lus hom in die tempel inge-
bring het. **30** En die hele stad
is in opskudding gebring,[r] en
'n volksoploop het ontstaan; en
hulle het Paulus gegryp en hom
tot buite die tempel gesleep.[s]
En die deure is onmiddellik toe-
gemaak. **31** En terwyl hulle
hom probeer doodmaak het,
het 'n berig die bevelvoerder
van die afdeling bereik dat die
hele Jerusalem in verwarring
is;[a] **32** en hy het dadelik sol-
date en leëroffisiere geneem en
na hulle toe afgehardloop.[b] Toe
hulle die militêre bevelvoerder[c]
en die soldate sien, het hulle op-
gehou om Paulus te slaan.

**33** Toe het die militêre be-
velvoerder nader gekom en
hom gegryp en beveel dat hy
met twee kettings geboei moet
word;[d] en hy het begin vra
wie hy is en wat hy gedoen
het. **34** Maar sommige in die
skare het dít en ander dát begin
skreeu.[e] En omdat hy weens die
opskudding niks sekers te wete
kon kom nie, het hy beveel dat
hy na die soldate se kwartiere
gebring moet word.[f] **35** Maar
toe hy op die trap kom, het die
situasie so geword dat hy weens
die geweld van die skare deur
die soldate gedra moes word;
**36** want die volksmenigte het
bly volg terwyl hulle uitgeroep
het: "Neem hom weg!"[g]

**37** En net toe hy in die sol-
date se kwartiere ingelei sou
word, het Paulus vir die militê-
re bevelvoerder gesê: "Mag ek
vir u iets sê?" Hy het gesê: "Kan
jy Grieks praat? **38** Is jy dan
nie die Egiptenaar wat voor
hierdie dae 'n opstand verwek
het[h] en die vierduisend dolk-
stekers na die wildernis uitge-
lei het nie?" **39** Toe het Pau-
lus gesê: "Ek is in werklikheid
'n Jood,[i] van Tarsus[j] in Sili′-
sië, 'n burger van geen onbe-
kende stad. Ek smeek u dus,
laat my toe om met die volk te
praat." **40** Nadat hy toestem-
ming gegee het, het Paulus, wat
op die trap gestaan het, met sy
hand vir die volk beduie.[k] Toe
'n groot stilte kom, het hy hul-

**HFST. 21**
a Nu 6:2
b Nu 6:14
Nu 6:15
Nu 6:17
c Nu 6:18
Han 18:18
d 1Ko 9:20
e Ge 35:2
Eks 34:15
Han 15:29
f Ge 9:4
Le 3:17
Le 17:10
De 12:23
1Sa 14:32
g Le 17:13
h 1Ko 6:9
Kol 3:5
1Te 4:3
1Pe 4:3
i Han 24:18
1Ko 9:20
j Nu 6:5
k Nu 6:19
l Nu 6:21
m Nu 6:9
n Han 19:29
o Han 24:5
p Han 24:6
q Han 20:4
2Ti 4:20
r Han 17:5
s Han 26:21

**Tweede kol.**
a Han 21:27
b Han 23:27
c Han 23:26
d Han 20:23
Han 21:11
Ef 6:20
e Han 19:32
f Han 22:24
g Lu 23:18
Joh 19:15
Han 22:22
h Han 5:36
i Flp 3:5
j Han 9:11
Han 22:3
k Han 13:16
Han 19:33

le in die Hebreeuse[a] taal toege-
spreek en gesê:

**22** “Manne, broers[b] en va-
ders, hoor nou my verde-
diging[c] teenoor julle.” **2** (Wel,
toe hulle hoor dat hy hulle in
die Hebreeuse taal[d] toespreek,
was hulle nog stiller, en hy het
gesê:) **3** “Ek is ’n Jood,[e] gebo-
re in Tarsus van Sili′sië,[f] maar
opgevoed in hierdie stad aan
die voete van Gama′liël,[g] onder-
rig volgens die strengheid[h] van
die voorvaderlike Wet, ywerig[i]
vir God net soos julle almal van-
dag is. **4** En ek het hierdie
Weg tot die dood toe vervolg[j]
en manne sowel as vroue geboei
en aan gevangenisse oorgele-
wer,[k] **5** soos die hoëpriester
sowel as die hele vergadering
van ouer manne[l] van my kan
getuig. Van hulle het ek ook
briewe[m] aan die broers in Da-
maskus gekry, en ek was op pad
om ook dié wat daar was, ge-
boeid na Jerusalem te bring om
gestraf te word.

**6** “Maar terwyl ek op reis
was en naby Damaskus gekom
het, omstreeks die middaguur,
het daar skielik ’n groot lig uit
die hemel rondom my geflits,[n]
**7** en ek het op die grond geval
en ’n stem vir my hoor sê: ‘Saul,
Saul, waarom vervolg jy my?’[o]
**8** Ek het geantwoord: ‘Wie is
u, Here?’ En hy het vir my
gesê: ‘Ek is Jesus die Nasare-
ner, wat jy vervolg.’[p] **9** En die
manne wat saam met my was,[q]
het wel die lig gesien, maar het
nie die stem gehoor van die
een wat met my gepraat het
nie.[r] **10** Daarop het ek gesê:
‘Wat moet ek doen,[s] Here?’ Die
Here het vir my gesê: ‘Staan
op, gaan in Damaskus in, en
dáár sal jy vertel word van alles
wat jou opgelê is om te doen.’[t]
**11** Maar aangesien ek weens
die heerlikheid van daardie lig
niks kon sien nie, is ek deur dié
wat saam met my was, aan die
hand gelei en het ek so in Da-
maskus aangekom.[a]

**12** “En Anani′as, ’n sekere
man wat volgens die Wet god-
vresend was, gunstig vermeld[b]
deur al die Jode wat daar woon,
**13** het na my toe gekom, en ter-
wyl hy by my gestaan het, het
hy vir my gesê: ‘Saul, broer,
sien weer!’[c] En ek het in daar-
die selfde uur na hom toe opge-
kyk. **14** Hy het gesê: ‘Die God
van ons voorvaders[d] het jou
uitgekies[e] om sy wil te leer ken
en die Regverdige[f] te sien[g] en
die stem van sy mond te hoor,[h]
**15** want jy moet by alle men-
se vir hom ’n getuie wees van
dinge wat jy gesien en gehoor
het.[i] **16** En waarom talm jy
nou? Staan op, laat jou doop[j]
en was[k] jou sondes af deur sy
naam aan te roep.’[l]

**17** “Maar toe ek na Jerusa-
lem teruggekeer het[m] en besig
was om in die tempel te bid, het
’n verrukking oor my gekom[n]
**18** en het ek hom vir my sien
sê: ‘Maak gou en gaan sonder
versuim uit Jerusalem uit, want
hulle sal nie jou getuienis om-
trent my aanvaar nie.’[o] **19** En
ek het gesê: ‘Here, hulle weet
self goed dat ek dié wat in u glo,
in die gevangenis gegooi[p] en in
die een sinagoge na die ander
geslaan het;[q] **20** en toe die
bloed van Ste′fanus,[r] u getuie,
vergiet is, het ek self ook daar
gestaan en dit goedgekeur[s] en
die boklere opgepas van dié wat
hom om die lewe gebring het.’
**21** En tog het hy vir my gesê:
‘Gaan, want ek sal jou na veraf-
geleë nasies uitstuur.’ ”[t]

**22** En hulle het tot op hier-
die woord na hom geluister, en

---

**HFST. 21**
a Han 26:14

**HFST. 22**
b Han 7:2
c Flp 1:7; 1Pe 3:15
d Han 21:40
e Han 26:5; Ro 11:1
f Han 21:39; Han 23:34
g Han 5:34
h Han 26:5
i Ga 1:14; Flp 3:6
j Han 8:3; Han 9:2; 1Ti 1:13
k Han 26:10
l Han 4:23
m Han 9:2
n Han 9:3; Han 26:13
o Han 9:4; Han 26:14
p Joh 18:5; Han 9:5; Han 26:15
q Da 10:7
r Han 9:7
s Lu 3:10; Han 16:30
t Han 26:16

**Tweede kol.**
a Han 9:8
b Han 10:22; 1Ti 3:7
c Han 9:17
d Han 3:13; Han 5:30
e Han 9:15; Ga 1:15
f Han 3:14; Heb 7:26
g 1Ko 9:1; 1Ko 15:8
h 1Ko 11:23; Ga 1:12
i Han 4:20; Han 23:11; Han 26:16
j Han 9:18
k Jes 1:16; 1Ko 6:11; Tit 3:5; Heb 10:22; 1Jo 1:7; Op 1:5
l Han 10:43
m Han 9:26; Ga 1:18
n 2Ko 12:1
o Han 9:29
p Han 8:3
q Mt 10:17
r Han 7:58
s Han 8:1; 1Ti 1:15
t Han 9:15; Han 13:2; Ro 1:5; Ro 11:13; Ga 2:7; 1Ti 2:7

hulle het hulle stem verhef en
gesê: “Neem so ’n mens van die
aarde af weg, want hy behoort
nie te lewe nie!”[a] **23** En om-
dat hulle uitgeroep en hulle bo-
klere rondgegooi en stof in die
lug opgegooi het,[b] **24** het die
militêre bevelvoerder beveel
dat hy in die soldate se kwartie-
re ingebring moet word en gesê
dat hy onder geseling ondervra
moet word, sodat hy ten volle
te wete kon kom waarom hulle
só teen hom skreeu.[c] **25** Maar
toe hulle hom vir die geseling
uitgestrek het, het Paulus vir
die leëroffisier wat daar gestaan
het, gesê: “Is dit julle geoorloof
om ’n man te gesel wat ’n Ro-
mein[d] en onveroordeeld is?”
**26** Wel, toe die leëroffisier dit
hoor, het hy na die militêre be-
velvoerder toe gegaan en berig
gebring en gesê: “Wat is u van
plan om te doen? Hierdie man
is dan ’n Romein.” **27** Toe het
die militêre bevelvoerder nader
gekom en vir hom gesê: “Sê
vir my, is jy ’n Romein?”[e] Hy
het gesê: “Ja.” **28** Die militê-
re bevelvoerder het hierop gesê:
“Ek het hierdie burgerreg vir ’n
groot som geld gekoop.” Paulus
het gesê: “Maar ek het dit deur
geboorte.”[f]

**29** Daarom het die manne
wat op die punt gestaan het
om hom onder marteling te on-
dervra, hom onmiddellik laat
staan; en die militêre bevel-
voerder het bang geword toe
hy verneem dat hy ’n Romein[g]
is en omdat hy hom vasgebind
het.

**30** Omdat hy met sekerheid
wou weet presies waarom hy
deur die Jode beskuldig is, het
hy hom derhalwe die volgende
dag losgemaak en die hoofpries-
ters en die hele Sanʹhedrin be-
veel om bymekaar te kom. En
hy het Paulus afgebring en hom
tussen hulle laat staan.[a]

**23** Paulus het die Sanʹhe-
drin stip aangekyk en ge-
sê: “Manne, broers, ek het my
tot vandag toe met ’n volkome
rein gewete[b] voor God gedra.”
**2** Hierop het die hoëpriester
Ananiʹas dié wat by hom ge-
staan het, beveel om hom op
die mond te slaan.[c] **3** Toe het
Paulus vir hom gesê: “God gaan
jou slaan, jou gewitte[d] muur.
Sit jy om my ooreenkomstig
die Wet[e] te oordeel en beveel
jy terselfdertyd, in oortreding
van die Wet,[f] dat ek geslaan
moet word?” **4** Dié wat daar
gestaan het, het gesê: “Skel jy
die hoëpriester van God uit?”
**5** En Paulus het gesê: “Broers,
ek het nie geweet dat hy hoë-
priester is nie. Want daar staan
geskrywe: ‘Jy mag nie kwaad-
spreek van ’n heerser van jou
volk nie.’ ”[g]

**6** En toe Paulus merk dat die
een deel uit Sadduseërs[h] maar
die ander uit Fariseërs bestaan,
het hy in die Sanʹhedrin begin
uitroep: “Manne, broers, ek is ’n
Fariseër,[i] ’n seun van Fariseërs.
Oor die hoop op die opstan-
ding[j] van die dooies word ek ge-
oordeel.”[k] **7** Omdat hy dit ge-
sê het, het daar onenigheid[l]
tussen die Fariseërs en Sad-
duseërs ontstaan, en die menig-
te was verdeeld. **8** Want die
Sadduseërs[m] sê dat daar geen
opstanding[n] of engel of gees is
nie, maar die Fariseërs verkon-
dig dit alles in die openbaar.
**9** Toe het daar ’n harde ge-
skreeu losgebars,[o] en sommige
van die skrifgeleerdes van die
party van die Fariseërs het op-
gestaan en heftig begin twis en
gesê: “Ons vind niks verkeerds
in hierdie man nie;[p] maar as ’n

**HFST. 22**
a Han 21:36; Han 23:14; Han 25:24
b 2Sa 16:13
c Han 21:34
d Han 16:37; Han 23:27
e Han 23:27
f Han 16:37
g Han 16:38; Han 25:16

**Tweede kol.**
a Mt 10:17; Lu 21:12

**HFST. 23**
b Han 24:16; 2Ko 1:12; 2Ti 1:3; Heb 13:18; 1Pe 3:16
c 1Kn 22:24; Jer 20:2; Joh 18:22
d Mt 23:27
e Le 19:15
f De 25:1; Joh 7:51
g Eks 22:28; Pr 10:20
h Han 4:1
i Han 26:5; Flp 3:5
j Han 24:21
k Han 28:20
l Mt 22:23
m Mr 12:18
n Lu 20:27
o Mt 8:29
p Lu 23:4; Han 25:25

gees of ’n engel met hom ge-
praat het,[a]—.” **10** En toe die
onenigheid groot word, het die
militêre bevelvoerder bang ge-
word dat Paulus deur hulle ver-
skeur sou word, en hy het die
soldate[b] beveel om af te gaan en
hom uit hulle midde weg te ruk
en hom in die soldate se kwar-
tiere in te bring.[c]
**11** Maar die volgende nag
het die Here by hom gestaan[d] en
gesê: “Hou goeie moed![e] Want
soos jy in Jerusalem ’n deegli-
ke getuienis[f] oor die dinge aan-
gaande my gegee het, so moet jy
ook in Rome getuig.”[g]
**12** En toe dit dag word, het
die Jode ’n sameswering ge-
smee[h] en hulle met ’n vloek
verbind[i] deur te sê dat hulle
nie sou eet of drink totdat hul-
le Paulus doodgemaak het nie.[j]
**13** Daar was meer as veertig
manne wat hierdie sameswe-
ring onder eed gesmee het;
**14** en hulle het na die hoof-
priesters[k] en die ouer manne
toe gegaan en gesê: “Ons het
ons plegtig met ’n vloek daar-
toe verbind om geen voedsel te
eet totdat ons Paulus doodge-
maak het nie. **15** Verduidelik
julle, saam met die San′hedrin,
dan nou vir die militêre bevel-
voerder waarom hy hom na jul-
le toe moet afbring, asof julle
van plan is om die aangeleent-
hede aangaande hom noukeuri-
ger vas te stel.[l] Maar voordat
hy naby kom, sal ons gereed
wees om hom om die lewe te
bring.”[m]
**16** Die seun van Paulus se
suster het egter gehoor dat hul-
le hom voorlê,[n] en hy het ge-
kom en in die soldate se kwar-
tiere ingegaan en dit vir Paulus
vertel. **17** Toe het Paulus een
van die leëroffisiere na hom
toe geroep en gesê: “Lei hier-
die jong man na die militê-
re bevelvoerder toe, want hy
het iets om vir hom te vertel.”
**18** Hierdie man het hom toe ge-
neem en hom na die militêre
bevelvoerder toe gelei en gesê:
“Die gevangene Paulus het my
na hom toe geroep en my ver-
soek om hierdie jong man na u
toe te lei, aangesien hy iets het
om vir u te vertel.” **19** Die mi-
litêre bevelvoerder het hom by
die hand geneem[a] en eenkant
toe gegaan en toe hulle alleen
was, begin vra: “Wat het jy om
vir my te vertel?” **20** Hy het
gesê: “Die Jode het ooreenge-
kom om u te versoek om Pau-
lus môre na die San′hedrin af
te bring, asof hulle van plan is
om iets noukeuriger oor hom
te verneem.[b] **21** Moet tog nie
dat hulle u oorreed nie, want
meer as veertig manne van hul-
le lê hom voor,[c] en hulle het hul-
le met ’n vloek daartoe verbind
om nie te eet of te drink totdat
hulle hom om die lewe gebring
het nie;[d] en hulle is nou gereed
en wag op u belofte.” **22** Die
militêre bevelvoerder het die
jong man toe laat gaan nadat
hy hom beveel het: “Moenie aan
enigiemand verklap dat jy hier-
die dinge aan my bekend ge-
maak het nie.”
**23** En hy het twee van die
leëroffisiere ontbied en gesê:
“Maak tweehonderd soldate ge-
reed om tot by Sesare′a te gaan,
asook sewentig ruiters en twee-
honderd spiesvegters, teen die
derde uur van die nag. **24** Ver-
skaf ook pakdiere sodat hulle
Paulus kan laat ry en hom vei-
lig na Feliks, die goewerneur,
kan oorbring.” **25** En hy het
’n brief geskryf met hierdie in-
houd:

**HFST. 23**
a Han 22:7; Han 22:17
b Han 21:32
c Han 22:24
d Han 27:23
e Han 18:9; Han 27:24
f Han 20:21
g Han 28:23; Han 28:30; Ro 1:15
h Han 25:3
i Han 23:21
j Ps 31:13
k Pr 5:8
l Han 23:20
m Han 25:3
n Han 9:24

**Tweede kol.**
a Han 23:16
b Han 23:15
c Ps 10:9; Spr 1:16; Jes 59:7; Han 9:23; 2Ko 11:26
d Han 23:12

**26** “Claudius Li′sias aan Sy
Eksellensie, goewerneur Fe-
liks:[a] Groete! **27** Hierdie man
is deur die Jode gevange ge-
neem en is byna deur hulle
om die lewe gebring, maar ek
het skielik met soldate gekom
en hom gered,[b] omdat ek ver-
neem het dat hy ’n Romein is.[c]
**28** En aangesien ek wou vas-
stel om watter rede hulle hom
beskuldig, het ek hom na hulle
San′hedrin afgebring.[d] **29** Ek
het gevind dat hy beskuldig
word oor vraagstukke van hul-
le Wet,[e] maar nie aangekla word
van enigiets wat die dood of
boeie verdien nie.[f] **30** Maar
omdat daar aan my onthul is
dat ’n komplot[g] teen die man ge-
smee sou word, stuur ek hom
dadelik na u toe en beveel ek
die beskuldigers om voor u te sê
wat hulle teen hom het.”[h]

**31** Toe het hierdie soldate[i]
Paulus ooreenkomstig hul-
le bevele geneem en hom in
die nag na Anti′patris gebring.
**32** Die volgende dag het hulle
die ruiters toegelaat om verder
saam met hom te gaan, en hul-
le het na die soldate se kwar-
tiere teruggekeer. **33** Die rui-
ters het in Sesare′a[j] ingegaan
en die brief aan die goewerneur
oorhandig en ook Paulus voor
hom gestel. **34** Toe het hy dit
gelees en gevra uit watter pro-
vinsie hy is en vasgestel[k] dat hy
uit Sili′sië[l] is. **35** “Ek sal jou
deeglik verhoor”, het hy gesê,
“wanneer jou beskuldigers ook
hier aankom.”[m] En hy het be-
veel dat hy in die pretoriaanse
paleis van Herodes onder bewa-
king gehou moet word.

**24** Vyf dae later het die hoë-
priester Anani′as[n] saam
met party ouer manne en ’n
openbare spreker, ’n sekere Ter-
tul′lus, afgekom, en hulle het
’n aanklag[a] teen Paulus by die
goewerneur[b] ingedien. **2** Toe
hy geroep is, het Tertul′lus hom
begin beskuldig en gesê:

“Aangesien ons danksy u
groot vrede[c] geniet, en her-
vormings in hierdie nasie deur
u voorsorg plaasvind, **3** ont-
vang ons dit te alle tye en ook
op alle plekke met die groot-
ste dankbaarheid, Eksellensie[d]
Feliks. **4** Maar sodat ek u nie
verder ophou nie, smeek ek
u om ons in u goedhartigheid
vir ’n kort rukkie aan te hoor.
**5** Want ons het gevind dat hier-
die man ’n pes[e] is en opstan-
de[f] onder al die Jode in die hele
bewoonde aarde verwek en aan
die spits van die sekte van die
Nasareners[g] staan, **6** iemand
wat ook die tempel probeer ont-
heilig[h] het en vir wie ons gevan-
ge geneem het. **7** —— **8** By
hom kan u self deur ’n onder-
soek uitvind omtrent al hierdie
dinge waarvan ons hom beskul-
dig.”

**9** Daarop het die Jode ook
aan die aanval begin deelneem
en verklaar dat hierdie dinge
so is. **10** En toe die goewer-
neur vir Paulus met ’n knik be-
duie om te praat, het hy geant-
woord:

“Omdat ek goed weet dat
hierdie nasie u al baie jare lank
as regter het, spreek ek graag
ter verdediging van myself[i]
oor die dinge aangaande my,
**11** aangesien u in staat is om
vas te stel dat dit vir my nie
meer as twaalf dae is sedert ek
opgegaan het om in Jerusalem
te aanbid[j] nie; **12** en hulle het
my nie in die tempel[k] gevind,
besig om met iemand te argu-
menteer, of dat ek ’n oproeri-
ge skare[l] laat saamstroom nie,
hetsy in die sinagoges of elders

**HFST. 23**
a Han 24:3
b Han 21:33
c Han 16:37; Han 22:25
d Han 22:30
e Han 18:15; Han 24:5; Han 25:19
f Han 26:31
g Han 23:16; Han 25:3
h Han 24:8; Han 25:5; Han 25:11
i Han 23:23
j Han 8:40
k Han 22:3
l Han 6:9; Han 21:39
m Han 24:1; Han 25:16

**HFST. 24**
n Han 23:2

**Tweede kol.**
a Han 25:2; Han 25:15
b Han 23:26
c Ps 12:2; Ps 55:21; Spr 26:28
d Han 23:26
e Mt 5:11; Han 16:20; Han 17:6
f Lu 23:2; Han 19:40
g Mt 2:23; Han 28:22
h Han 21:28
i 1Pe 3:15
j Han 21:26
k Han 25:8
l Han 21:28

in die stad. **13** Ook kan hulle
nie vir u die dinge bewys[a] waar-
van hulle my op die oomblik
beskuldig nie. **14** Maar dít er-
ken ek teenoor u, dat ek, oor-
eenkomstig die weg wat hulle
’n ‘sekte’ noem, só heilige diens
aan die God van my voorvaders
verrig,[b] aangesien ek alles glo
wat in die Wet uiteengesit is[c] en
in die Profete geskrywe staan;
**15** en ek het die hoop[d] op God,
’n hoop wat hierdie manne self
ook koester, dat daar ’n op-
standing[e] van die regverdiges[f]
sowel as die onregverdiges[g] sal
wees. **16** Ja, in hierdie opsig
oefen ek my voortdurend om
bewus te wees[h] dat ek geen
oortreding teen God en die
mense begaan nie. **17** Ná ’n
hele aantal jare het ek dus ge-
kom om barmhartigheidsgawes
vir my nasie te bring, en offers.[i]
**18** Terwyl ek hiermee besig
was, het hulle my seremonieel
gereinig in die tempel gevind,[j]
maar nie met ’n skare of met ’n
opskudding nie. Maar daar was
sekere Jode van die landstreek
Asië, **19** wat hier voor u be-
hoort te wees en my behoort
te beskuldig as hulle enigiets
teen my het.[k] **20** Of laat die
manne hier self sê watter on-
reg hulle gevind het toe ek voor
die San′hedrin gestaan het,
**21** behalwe met betrekking tot
hierdie een woord wat ek uitge-
roep het terwyl ek tussen hul-
le gestaan het: ‘Oor die opstan-
ding van die dooies word ek
vandag voor julle geoordeel!’ ”[l]

**22** Maar Feliks,[m] wat die
aangeleenthede rakende hier-
die Weg[n] heel noukeurig geken
het, het die manne ontwykend
begin antwoord en gesê: “Wan-
neer Li′sias,[o] die militêre bevel-
voerder, afkom, sal ek oor hier-
die aangeleenthede aangaande
julle beslis.” **23** En hy het die
leëroffisier beveel dat die man
bewaak moet word en ’n mate
van verligting van aanhouding
moet hê en dat hy niemand van
sy mense moet verbied om hom
te bedien nie.[a]

**24** ’n Paar dae later het Fe-
liks[b] gekom saam met sy vrou
Drusil′la, wat ’n Jodin was,[c] en
hy het Paulus laat haal en hom
aangehoor oor die geloof in
Christus Jesus.[d] **25** Maar toe
hy oor regverdigheid[e] en selfbe-
heersing[f] en die komende oor-
deel[g] praat, het Feliks bang ge-
word en geantwoord: “Gaan
nou maar eers, maar wanneer
ek ’n geleë tyd vind, sal ek
jou weer laat haal.” **26** Ter-
selfdertyd het hy egter gehoop
dat Paulus hom geld sou gee.[h]
Daarom het hy hom selfs meer
dikwels laat haal en met hom
gepraat.[i] **27** Maar toe twee
jaar verloop het, is Feliks deur
Porcius Festus opgevolg; en
omdat Feliks in die Jode se guns
wou kom,[j] het hy Paulus in ge-
vangenskap agtergelaat.

**25** Daarom het Festus, na-
dat hy die regering oor
die provinsie aanvaar het,[k] drie
dae later van Sesare′a na Je-
rusalem opgegaan;[l] **2** en die
hoofpriesters en die vernaam-
ste manne van die Jode het ’n
aanklag[m] teen Paulus by hom
ingedien. Toe het hulle hom
dringend begin versoek **3** en
gevra, as ’n guns teen die man,
dat hy hom na Jerusalem moet
laat kom, aangesien hulle ’n
hinderlaag opgestel het[n] om
hom langs die pad om die lewe
te bring. **4** Festus het egter
geantwoord dat Paulus in Se-
sare′a bewaak sou word en
dat hy self binnekort daar-
heen sou vertrek. **5** “Laat die

**HFST. 24**
a Han 25:7
b Eks 3:15; Han 3:13; Han 26:22; 2Ti 1:3
c De 18:18; Han 28:23; Ro 3:21
d Han 23:6
e Jes 26:19; Da 12:2; Mt 22:31; Joh 5:28; Joh 11:25; Op 20:12
f Lu 14:14; Heb 11:35
g Lu 23:43
h Da 6:5; Han 23:1; 1Ko 4:4; Heb 13:18
i Han 11:29; 2Ko 8:4
j Han 21:26
k Han 23:30; Han 25:16
l Han 23:6; Han 28:20
m Han 23:24
n Han 9:2; Han 19:9
o Han 23:26

**Tweede kol.**
a Han 27:3
b Han 23:24
c Han 16:1
d Mt 10:18; 1Pe 3:15
e Ro 1:17; Ro 3:22
f Ga 5:23; 2Pe 1:6
g Mt 12:18; Joh 16:8; 2Ko 5:10; Op 20:12
h Eks 23:8; De 16:19; Ps 26:10; Spr 17:23; Jes 5:23
i Mr 6:20
j Spr 29:25; Lu 23:25; Han 25:9

**HFST. 25**
k Han 24:27
l Han 21:15
m Han 24:1; Han 25:15
n Ps 37:32; Spr 1:16; Han 9:23; Han 14:5; Han 23:21; 2Ko 11:26

maghebbers onder julle”, het hy
gesê, “derhalwe saam met my
afkom en hom beskuldig,[a] as
daar enigiets slegs omtrent die
man is.”
**6** En toe hy nie meer as agt
of tien dae onder hulle deur-
gebring het nie, het hy na Se-
sare′a afgegaan, en die volgen-
de dag het hy op die regterstoel
gaan sit[b] en beveel dat Paulus
ingebring moet word. **7** Toe
hy inkom, het die Jode wat van
Jerusalem afgekom het, rond-
om hom gaan staan en baie en
ernstige aanklagte[c] teen hom
ingebring waarvoor hulle geen
bewys kon lewer nie.
**8** Maar Paulus het ter verde-
diging gesê: “Ek het geen son-
de teen die Wet van die Jode
of teen die tempel[d] of teen die
keiser begaan nie.”[e] **9** Festus,
wat in die Jode se guns wou
kom,[f] het Paulus geantwoord
en gesê: “Wil jy na Jerusa-
lem opgaan en daar voor my
oor hierdie dinge geoordeel
word?”[g] **10** Maar Paulus het
gesê: “Ek staan voor die regter-
stoel van die keiser,[h] waar ek
geoordeel moet word. Ek het
die Jode geen onreg aangedoen
nie,[i] soos u ook heel goed kan
sien. **11** As ek dan werklik ’n
kwaaddoener is[j] en enigiets ge-
doen het wat die dood verdien,[k]
vra ek nie om die dood vry te
spring nie; maar as nie een van
dié dinge waarvan hierdie man-
ne my beskuldig, waar is nie,
kan geen mens my as guns aan
hulle oorlewer nie. Ek beroep
my op die keiser!”[l] **12** Toe het
Festus, nadat hy met die verga-
dering van raadgewers gepraat
het, geantwoord: “Op die keiser
het jy jou beroep; na die keiser
sal jy gaan.”
**13** En na verloop van ’n paar
dae het koning Agrip′pa en Ber-
ni′ce in Sesare′a aangekom om
’n beleefdheidsbesoek aan Fes-
tus te bring. **14** En aangesien
hulle ’n aantal dae daar deurge-
bring het, het Festus die aan-
geleenthede aangaande Pau-
lus aan die koning voorgelê en
gesê:
“Daar is ’n sekere man wat
deur Feliks as gevangene agter-
gelaat is, **15** en toe ek in Je-
rusalem was, het die hoofpries-
ters en die ouer manne van die
Jode ’n aanklag[a] teen hom in-
gedien en gevra dat hy ver-
oordeel moet word. **16** Maar
ek het hulle geantwoord dat
dit nie die Romeinse prosedure
is om enige mens as guns oor
te lewer voordat die beskuldig-
de van aangesig tot aangesig
teenoor sy beskuldigers gestel
word[b] en ’n kans kry om in ver-
band met die klag ter verdedi-
ging van homself te spreek nie.
**17** Toe hulle dan hier saamge-
kom het, het ek nie getalm
nie, maar die volgende dag op
die regterstoel gaan sit en be-
veel dat die man ingebring moet
word. **18** Toe die beskuldi-
gers in die getuiebank gaan, het
hulle geen aanklag[c] ingebring
van die goddelose dinge wat
ek aangaande hom vermoed het
nie. **19** Hulle het slegs seke-
re geskille met hom gehad oor
hulle eie aanbidding[d] van die
godheid en oor ’n sekere Jesus
wat dood is, maar van wie Pau-
lus bly verklaar het dat hy le-
we.[e] **20** En omdat ek raadop
was met die getwis oor hierdie
aangeleenthede, het ek gevra
of hy na Jerusalem wou gaan en
daar aangaande hierdie aange-
leenthede geoordeel wou word.[f]
**21** Maar toe Paulus versoek[g]
om onder bewaking gehou te
word vir die beslissing deur die
keiser, het ek beveel dat hy on-

**HFST. 25**
a Han 25:16
b Joh 19:13; Han 12:21; Han 25:17
c Mt 5:11; Lu 23:2; Han 24:5
d Han 24:12
e Han 28:17
f Han 24:27
g Han 25:20
h Han 25:21; Han 26:32
i Han 28:17
j 1Pe 4:15
k Han 23:29; Han 26:31
l Han 25:21; Han 26:32; Han 28:19

**Tweede kol.**
a Han 25:2
b Han 25:5
c Han 25:7
d Han 18:15; Han 23:29
e Han 22:8
f Han 25:9
g Han 25:11; Han 26:32; Han 28:19

der bewaking gehou moet word
totdat ek hom na die keiser toe
sou stuur.”
**22** Hierop het Agrip′pa vir
Festus gesê: “Ek sou self ook
graag die man wil hoor.”[a] “Mô-
re”, het hy gesê, “sal u hom
hoor.” **23** Die volgende dag
het Agrip′pa en Berni′ce toe
met groot vertoon[b] gekom en
saam met militêre bevelvoer-
ders asook vooraanstaande
manne in die stad in die gehoor-
saal ingegaan, en toe Festus die
bevel gee, is Paulus ingebring.
**24** En Festus het gesê: “Koning
Agrip′pa en manne wat almal
hier saam met ons teenwoor-
dig is, julle sien hierdie man
oor wie die hele menigte van
die Jode hulle tesame in Jeru-
salem sowel as hier tot my ge-
wend het en geskreeu het dat
hy nie langer behoort te lewe
nie.[c] **25** Maar ek het gevind
dat hy niks gedoen het wat die
dood verdien nie.[d] En toe hier-
die man hom op die keiser be-
roep,[e] het ek besluit om hom
te stuur. **26** Maar ek het niks
sekers oor hom om aan my Heer
te skryf nie. Daarom het ek
hom voor julle gebring, en veral
voor u, koning Agrip′pa, sodat
ek, nadat die geregtelike onder-
soek plaasgevind het, iets kan
kry om te skryf.[f] **27** Want dit
lyk vir my onredelik om ’n ge-
vangene te stuur en nie ook die
aanklagte teen hom aan te dui
nie.”

# 26

Agrip′pa[g] het vir Paulus
gesê: “Dit is jou vergun
om vir jouself te spreek.” Toe
het Paulus sy hand uitgesteek[h]
en tot sy verdediging begin sê:[i]
**2** “Ek ag my gelukkig, ko-
ning Agrip′pa, dat dit voor u
is wat ek my vandag moet ver-
dedig aangaande alles waarvan
ek deur Jode beskuldig word,[a]
**3** veral aangesien u baie goed
op hoogte is van al die gebrui-
ke[b] sowel as die geskille onder
Jode. Daarom smeek ek u om
my geduldig aan te hoor.
**4** “Wat dan die lewenswyse[c]
van my jeug af betref wat ek
van die begin af onder my na-
sie en in Jerusalem gevolg het,
weet al die Jode **5** wat my
vantevore, van die begin af, ge-
ken het, as hulle maar net
wil getuig, dat ek volgens die
strengste sekte[d] van ons vorm
van aanbidding as ’n Fariseër
geleef het.[e] **6** En tog staan ek
nou tereg oor die hoop[f] op die
belofte[g] wat deur God aan ons
voorvaders gemaak is; **7** ter-
wyl ons twaalf stamme hoop
om die vervulling van hier-
die belofte te verkry deur nag
en dag intensief heilige diens
aan hom te verrig.[h] Oor hierdie
hoop word ek deur Jode beskul-
dig,[i] o koning.
**8** “Waarom word dit onder
julle as ongelooflik geag dat
God die dooies opwek?[j] **9** Wat
my betref, ek het werklik by
myself gedink dat ek baie vy-
andige dade teen die naam van
Jesus die Nasarener moes doen;
**10** wat ek dan ook in Jerusa-
lem gedoen het, en ek het baie
van die heiliges in gevangenis-
se opgesluit,[k] waartoe ek vol-
mag van die hoofpriesters ont-
vang het;[l] en wanneer hulle
tereggestel moes word, het ek
my stem teen hulle uitgebring.
**11** En deur hulle dikwels in al
die sinagoges te straf,[m] het ek
hulle probeer dwing om ’n her-
roeping te doen; en aangesien
ek uitermate woedend teenoor
hulle was, het ek hulle selfs in
buitelandse stede vervolg.
**12** “Terwyl ek tydens hierdie
pogings na Damaskus gereis

**HFST. 25**
a Han 9:15
b 1Pe 1:24; 1Jo 2:16
c Han 22:22
d Han 23:29; Han 26:31
e Han 25:21
f Han 26:32

**HFST. 26**
g Han 25:13
h Han 13:16
i Han 24:10

**Tweede kol.**
a Han 24:5
b Han 25:26
c Ga 1:13
d Han 22:3
e Han 23:6; Flp 3:5
f Han 24:15
g Ge 3:15; De 18:15; 2Sa 7:12; Da 9:24; Mal 3:1
h Lu 2:37; Ro 11:7
i Han 24:21
j 1Kn 17:22; 2Kn 4:35; Heb 11:35
k Joh 16:2; Han 8:3; 1Ko 15:9; Ga 1:13; 1Ti 1:13
l Han 9:2; Han 9:14
m Han 22:19

het,[a] met volmag en ’n opdrag
van die hoofpriesters, **13** het
ek, o koning, op die middaguur
op die pad ’n lig wat die helder-
heid van die son oortref het, uit
die hemel rondom my en rond-
om dié wat saam met my ge-
reis het, sien flits.[b] **14** En toe
ons almal op die grond geval
het, het ek ’n stem in die He-
breeuse taal vir my hoor sê:
‘Saul, Saul, waarom vervolg jy
my? Om teen die prikkels te bly
skop, maak dit vir jou moeilik.’[c]
**15** Maar ek het gesê: ‘Wie is
u, Here?’ En die Here het ge-
sê: ‘Ek is Jesus, wat jy ver-
volg.[d] **16** Maar kom orent en
staan op jou voete.[e] Want met
dié doel het ek my aan jou sig-
baar gemaak, om jou uit te kies
as ’n dienaar en ’n getuie[f] van
dinge wat jy gesien het sowel as
dinge wat ek jou aangaande my
sal laat sien; **17** terwyl ek jou
verlos van hierdie volk en van
die nasies, na wie ek jou stuur,[g]
**18** om hulle oë te open,[h] om
hulle van die duisternis[i] na die
lig[j] en van die gesag van Sa-
tan[k] na God te keer, sodat hul-
le vergifnis van sondes kan ont-
vang[l] en ’n erfenis[m] onder dié
wat deur hulle geloof in my ge-
heilig is.’[n]

**19** “Daarom, koning Agrip′-
pa, het ek nie ongehoorsaam
geword aan die hemelse gesig
nie,[o] **20** maar het ek eers aan
dié in Damaskus[p] sowel as aan
dié in Jerusalem[q] en in die hele
land van Jude′a en aan die na-
sies[r] die boodskap gebring dat
hulle berou moet hê en hulle tot
God moet keer deur werke te
doen wat by berou pas.[s] **21** As
gevolg van hierdie dinge het
Jode my in die tempel gevan-
ge geneem en my probeer om-
bring.[t] **22** Omdat ek egter die
hulp verkry het[u] wat van God
kom, gaan ek tot vandag toe
voort om aan klein sowel as
groot te getuig, maar ek sê niks
behalwe dinge wat die Profete[a]
sowel as Moses[b] verklaar het
sou plaasvind nie, **23** dat die
Christus moes ly[c] en dat hy, as
die eerste wat uit die dode opge-
wek sou word,[d] lig[e] aan hierdie
volk sowel as aan die nasies sou
verkondig.”[f]

**24** En terwyl hy hierdie
dinge ter verdediging van hom-
self gesê het, het Festus in
’n harde stem gesê: “Jy word
kranksinnig,[g] Paulus! Groot ge-
leerdheid dryf jou tot krank-
sinnigheid!” **25** Maar Paulus
het gesê: “Ek word nie
kranksinnig nie, Eksellensie
Festus, maar ek spreek woor-
de van waarheid en van geson-
de verstand. **26** In werklik-
heid is die koning met wie ek
met vrymoedigheid van spraak
praat, goed vertroud met hier-
die dinge; want ek is daarvan
oortuig dat nie een van hierdie
dinge sy aandag ontgaan nie,
want dit is nie in ’n hoek ge-
doen nie.[h] **27** Glo u die Pro-
fete, koning Agrip′pa? Ek weet
dat u glo.”[i] **28** Maar Agrip′pa
het vir Paulus gesê: “Jy sal my
in ’n kort tydjie oorreed om
’n Christen te word.” **29** Hier-
op het Paulus gesê: “Ek sou tot
God kon wens dat nie net u nie,
maar ook almal wat my vandag
hoor, hetsy in ’n kort tydjie of
in ’n lang tyd, so sal word soos
ek ook is, met die uitsondering
van hierdie boeie.”

**30** En die koning het opge-
staan, asook die goewerneur
en Berni′ce en die manne wat
by hulle gesit het. **31** Maar
terwyl hulle weggegaan het,
het hulle met mekaar begin
praat en gesê: “Hierdie man be-

**HFST. 26**

a Han 9:2; Han 22:5
b Han 9:3; Han 22:6
c Han 9:4; Han 22:7
d Han 9:5; Han 22:8
e Ese 2:1
f Han 22:15; Ga 1:12; 1Ti 1:12
g Han 22:21; Ro 11:13
h Jes 35:5; Jes 61:1
i Jes 42:7; Kol 1:13
j Jes 60:2; Joh 8:12; 2Ko 4:6
k Ef 2:2
l Lu 1:77; 1Jo 3:5
m Ef 1:11
n Han 20:32
o Han 9:20
p Han 9:22
q Han 9:28
r Han 9:15
s Ese 18:31; Mt 3:8; 2Ko 7:11
t Han 21:31
u 2Ko 1:10

**Tweede kol.**

a Jes 9:6; Jer 23:5; Jer 33:15; Ese 34:23; Mi 5:2; Mal 3:1; Lu 24:27; Lu 24:44; Ro 3:21
b Ge 3:15; Ge 49:10; De 6:4; De 18:18; Joh 5:46
c Ps 22:7; Ps 22:16; Ps 35:19; Jes 50:6; Jes 53:5
d Ps 16:10
e Lu 2:32
f Ps 18:49; Jes 11:10; Jes 52:15
g 1Ko 1:23
h Joh 18:20
i Han 26:3

oefen niks wat die dood of boeie
verdien nie."[a] **32** En Agrip′pa
het vir Festus gesê: "Hierdie
man kon vrygelaat geword het
as hy hom nie op die keiser be-
roep het nie."[b]

**27** En toe daar besluit is dat
ons na Italië moet weg-
seil,[c] het hulle Paulus sowel as
sekere ander gevangenes oor-
gegee aan 'n leëroffisier met
die naam Ju′lius, van die af-
deling van Augustus. **2** Nadat
ons aan boord gegaan het van
'n boot uit Adramit′tium wat op
die punt was om na plekke aan
die kus van die landstreek Asië
te seil, het ons weggeseil, en
Aristar′gus,[d] 'n Masedoniër van
Tessaloni′ka, was saam met ons.
**3** En die volgende dag het ons
by Sidon aan land gegaan, en
Ju′lius het Paulus mensliewend
behandel[e] en hom toegelaat om
na sy vriende toe te gaan en
hulle versorging te geniet.[f]

**4** En ons het daarvandaan
uitgevaar en onder die beskut-
ting van Siprus geseil, omdat
daar teenwinde was; **5** en ons
het deur die oop see langs Si-
li′sië en Pamfi′lië gevaar en die
hawe van Mira in Li′sië binne-
gevaar. **6** Maar daar het die
leëroffisier 'n boot uit Aleksan-
drië gevind[g] wat na Italië geseil
het, en hy het ons aan boord
daarvan laat gaan. **7** Nadat
ons 'n hele aantal dae stadig
verder geseil het en met moeite
by Knidus gekom het, het ons,
omdat die wind ons nie toege-
laat het om verder te gaan nie,
by Salmo′ne onder die beskut-
ting van Kreta geseil, **8** en
ons het met moeite langs sy
kus gevaar en by 'n sekere plek
met die naam Mooi Hawens ge-
kom, in die nabyheid waarvan
die stad Lase′a is.

**9** Aangesien 'n geruime tyd
verloop het en dit toe al ge-
vaarlik was vir skeepvaart,
omdat selfs die vas van die
versoendag[a] reeds verby was,
het Paulus raad gegee **10** en
vir hulle gesê: "Manne, ek sien
dat die vaart met skade en
groot verlies gepaard sal gaan,
nie net van die vrag en die
boot nie, maar ook van ons sie-
le."[b] **11** Maar die leëroffisier
het eerder aan die stuurman
en die skeepseienaar gehoor ge-
gee as aan die dinge wat Pau-
lus gesê het. **12** En aangesien
die hawe ongerieflik was om in
te oorwinter, het die meerder-
heid aangeraai dat daarvan-
daan weggeseil moet word om
te sien of hulle miskien Feniks,
'n hawe van Kreta wat na die
noordooste en na die suidooste
oop lê, kon bereik om daar te
oorwinter.

**13** En toe die suidewind sag-
gies waai, het hulle gedink dat
hulle hulle voorneme so goed
as verwesenlik het, en hul-
le het die anker gelig en naby
die kus van Kreta langs begin
vaar. **14** Maar nie lank daar-
na nie het 'n stormwind[c] wat
Eura′kilon genoem word, daar-
teen losgebars. **15** Aangesien
die boot meegesleur is en nie
sy boeg windop kon hou nie,
het ons dit opgegee en is ons
meegevoer. **16** En ons het on-
der die beskutting van 'n se-
kere eilandjie gevaar wat Kau-
da genoem word, en tog kon
ons beswaarlik die sloep[d] by die
agterstewe onder beheer kry.
**17** Maar nadat hulle dit aan
boord gehys het, het hulle hulp-
middels begin gebruik om die
boot onderom te gord; en om-
dat hulle gevrees het dat hulle
op die Sirtis sou strand, het hul-
le die takelwerk laat sak en is

**HFST. 26**
a Han 23:29; Han 25:25
b Han 25:11; Han 25:21; Han 28:19

**HFST. 27**
c Han 25:12
d Han 19:29; Han 20:4; Kol 4:10
e Spr 19:22; Han 28:16
f Han 24:23
g Han 28:11

**Tweede kol.**
a Le 16:29; Le 23:27
b Han 27:21
c Mr 4:37
d Han 27:32

hulle so voortgedryf. **18** Om-
dat ons egter geweldig deur die
storm heen en weer geslinger
is, het hulle die skip die vol-
gende dag ligter begin maak;[a]
**19** en op die derde dag het hul-
le met hulle eie hande die boot
se takelwerk weggegooi.

**20** Toe daar dan baie dae
lank nie son of sterre verskyn
het nie en 'n hewige storm[b] om
ons gewoed het, het alle hoop
dat ons gered sou word, uitein-
delik begin verdwyn. **21** En
toe die manne hulle lank van
voedsel onthou het, het Paulus
in hulle midde opgestaan[c] en
gesê: "Manne, julle moes beslis
na my raad geluister het en nie
van Kreta uitgevaar en hier-
die skade en verlies gely het
nie.[d] **22** Nietemin raai ek jul-
le nou aan om vol moed te wees,
want geen siel van julle sal
verlore gaan nie, net die boot.
**23** Want vannag het daar 'n en-
gel[e] van die God aan wie ek be-
hoort en aan wie ek heilige
diens verrig,[f] naby my gestaan
**24** en gesê: 'Moenie vrees nie,
Paulus. Jy moet voor die keiser
staan,[g] en kyk! God het jou al-
mal geskenk wat saam met jou
seil.' **25** Wees dus vol moed,
manne; want ek glo God[h] dat
dit presies sal wees soos daar
vir my gesê is. **26** Ons moet
egter op 'n sekere eiland uitge-
spoel word."[i]

**27** En toe die veertiende nag
aanbreek en ons op die see van
A′dria heen en weer geslinger
word, het die matrose om mid-
dernag begin vermoed dat hul-
le land nader. **28** En hulle het
die diepte gepeil en gevind dat
dit twintig vaam is; toe het hul-
le 'n entjie verder gegaan en
weer 'n peiling gemaak en ge-
vind dat dit vyftien vaam is.
**29** En omdat hulle gevrees het
dat ons êrens op die rotse ge-
slinger sou word, het hulle vier
ankers van die agterstewe af
uitgegooi en begin wens dat dit
dag moet word. **30** Maar toe
die matrose uit die boot pro-
beer ontsnap en die sloep in
die see neerlaat onder die voor-
wendsel dat hulle van plan is
om ankers by die voorstewe te
laat sak, **31** het Paulus vir die
leëroffisier en die soldate gesê:
"As hierdie manne nie in die
boot bly nie, kan julle nie gered
word nie."[a] **32** Toe het die sol-
date die toue van die sloep los-
gekap[b] en dit laat afval.

**33** En net voor dagbreek het
Paulus almal sonder uitsonde-
ring begin aanmoedig om voed-
sel te eet en gesê: "Vandag is
die veertiende dag dat julle op
die uitkyk is en sonder voed-
sel bly, aangesien julle niks ge-
eet het nie. **34** Daarom moe-
dig ek julle aan om voedsel te
eet, want dit is in die belang
van julle veiligheid; want nie 'n
haar[c] van een van julle se kop
sal vergaan nie." **35** Nadat hy
dit gesê het, het hy ook 'n brood
geneem, God voor hulle almal
gedank[d] en dit gebreek en be-
gin eet. **36** Toe het hulle al-
mal blymoedig geword en self
voedsel begin eet. **37** En ons
was altesaam tweehonderd-ses-
en-sewentig siele in die boot.
**38** Toe hulle met voedsel versa-
dig was, het hulle die boot lig-
ter begin maak[e] deur die koring
oorboord te gooi in die see.

**39** Toe dit uiteindelik dag
word, kon hulle nie die land
herken nie, maar hulle het 'n se-
kere baai met 'n strand gesien,
en hulle was vasbeslote om die
boot daarop te laat loop[f] as hul-
le kon. **40** Hulle het dus die
ankers losgekap en hulle in
die see laat val en terselfder-

**HFST. 27**
a Jon 1:5
b Jon 1:13
c Jon 1:9
d Han 27:10
e Da 6:16; Han 5:19; Han 23:11; Heb 1:14
f Ro 1:9; 2Ti 1:3; Heb 12:28
g Han 23:11; Han 25:11
h Nu 23:19; Ro 4:21; Tit 1:2
i Han 28:1

**Tweede kol.**
a Han 27:22
b Han 27:16
c 1Sa 14:45; 2Sa 14:11; Mt 10:30; Lu 12:7
d Mt 15:36; Mr 8:6; Joh 6:11; Ro 14:6; 1Ti 4:4
e Jon 1:5
f Han 28:1

tyd die toue van die stuurspa-
ne losgemaak, en nadat hulle
die voorseil voor die wind ge-
hys het, het hulle op die strand
aangestuur. **41** Toe hulle op
’n sandbank afkom wat aan
weerskante deur die see om-
spoel is, het hulle die skip daar-
op laat strand, en die voorstewe
het vasgesteek en onbeweeglik
bly sit, maar die agterstewe is
deur die geweld van die golwe
uitmekaar geslaan.[a] **42** Hier-
op het die soldate besluit om die
gevangenes dood te maak, so-
dat niemand sou wegswem en
ontsnap nie. **43** Maar die leër-
offisier wou Paulus veilig oor-
bring en het hulle verhinder om
hulle voorneme uit te voer. En
hy het dié wat kon swem, be-
veel om in die see te spring en
eerste aan land te kom, **44** en
ook die res, party op planke en
party op sekere goed van die
boot. En só het dit gekom dat al-
mal veilig aan land gebring is.[b]

**28** En toe ons veiligheid be-
reik het, het ons ver-
neem dat die eiland Malta[c]
genoem word. **2** En die an-
derstalige mense het buitenge-
wone mensliewendheid aan ons
betoon,[d] want hulle het ’n
vuur aangesteek en ons almal
op hulpvaardige wyse ontvang
weens die reën wat geval het
en weens die koue.[e] **3** Maar
toe Paulus ’n bondel hout byme-
kaarmaak en dit op die vuur lê,
het ’n adder as gevolg van die
hitte uitgekom en aan sy hand
vasgebyt. **4** Toe die andersta-
lige mense die giftige dier aan
sy hand sien hang, het hul-
le vir mekaar begin sê: “Hier-
die man is gewis ’n moordenaar,
en hoewel hy veilig aan die see
ontkom het, het die wrekende
geregtigheid hom nie toegelaat
om te bly lewe nie.” **5** Hy het
egter die giftige dier in die vuur
afgeskud en geen kwaad gely
nie.[a] **6** Maar hulle het verwag
dat hy sou opswel weens ontste-
king of skielik dood sou neer-
val. Nadat hulle ’n lang ruk ge-
wag het en niks skadeliks met
hom sien gebeur het nie, het
hulle van mening verander en
begin sê dat hy ’n god is.[b]

**7** En in die omgewing van
daardie plek het die vernaam-
ste man van die eiland, met
die naam Pub′lius, grond besit;
en hy het ons gasvry ontvang
en ons drie dae welwillend ge-
huisves. **8** Maar die vader van
Pub′lius het siek gelê aan koors
en diarree, en Paulus het na
hom toe ingegaan en gebid,
hom die hande opgelê[c] en hom
gesond gemaak.[d] **9** Nadat dit
plaasgevind het, het die res van
die mense op die eiland wat
siektes gehad het, ook na hom
toe begin kom en is hulle ge-
nees.[e] **10** En hulle het ons ook
met baie geskenke vereer, en
toe ons wegseil, het hulle ons
oorlaai met alles wat ons nodig
gehad het.

**11** Drie maande later het ons
weggeseil in ’n boot uit Aleks-
andrië[f] wat op die eiland oor-
winter het en die boegbeeld
“Seuns van Zeus” gehad het.
**12** En ons het die hawe van
Siraku′se binnegevaar en drie
dae daar gebly, **13** waarvan-
daan ons omgevaar en by Re′gi-
um aangekom het. En ’n dag la-
ter het ’n suidewind opgesteek,
en ons het Pute′oli op die twee-
de dag bereik. **14** Hier het ons
broers gevind en is ons drin-
gend versoek om sewe dae by
hulle te bly; en so het ons Rome
genader. **15** En daarvandaan
het die broers, toe hulle die

HFST. 27
a Han 27:22
2Ko 11:25
b Han 27:24

HFST. 28
c Han 27:26
d Spr 19:22
Han 27:3
e 2Ko 11:27

Tweede kol.
a Lu 10:19
b Han 14:11
c Mr 7:32
Han 19:11
1Ko 12:9
d Lu 4:39
e Mt 10:8
f Han 27:6

nuus oor ons hoor, tot by die Mark van Ap′pius en die Drie Herberge gekom om ons te ontmoet, en toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed geskep.[a] **16** Toe ons uiteindelik in Rome gekom het, is Paulus toegelaat[b] om op sy eie te woon met die soldaat wat hom bewaak het.

**17** Drie dae later het hy egter dié wat die vernaamste manne van die Jode was, bymekaargeroep. Toe hulle bymekaargekom het, het hy vir hulle begin sê: “Manne, broers, hoewel ek niks teen die volk of die gebruike van ons voorvaders gedoen het nie,[c] is ek as ’n gevangene uit Jerusalem in die hande van die Romeine oorgelewer.[d] **18** En dié wou my vrylaat[e] nadat hulle ondersoek ingestel het,[f] aangesien daar geen grond vir die dood[g] in my was nie. **19** Maar toe die Jode aangehou het om daarteen beswaar te maak, was ek verplig om my op die keiser te beroep,[h] maar nie asof ek enigiets gehad het om my nasie van te beskuldig nie. **20** Daarom het ek dan dringend versoek om julle te sien en met julle te praat, want ek het hierdie ketting om my[i] weens die hoop[j] van Israel.” **21** Hulle het vir hom gesê: “Ons het nie briewe oor jou uit Jude′a ontvang nie, en ook het niemand van die broers wat hier aangekom het, enigiets kwaads van jou vertel of gesê nie. **22** Maar ons dink dat dit gepas is om by jou te hoor wat jy dink, want waarlik, wat hierdie sekte[k] betref, ons weet dat daar oral daarteen gepraat word.”[l]

**23** En hulle het ’n dag met hom afgespreek, en hulle het in groter getalle na hom toe gekom in sy verblyfplek. En hy het die saak vir hulle verduidelik deur deeglik aangaande die koninkryk van God te getuig[a] en deur aan die hand van die wet van Moses[b] asook die Profete[c] met oorredingskrag met hulle oor Jesus te praat, van die oggend tot die aand. **24** En party het die dinge wat gesê is, begin glo;[d] ander het nie geglo nie.[e] **25** En omdat hulle dit nie met mekaar eens was nie, het hulle begin weggaan, terwyl Paulus hierdie een opmerking gemaak het:

“Die heilige gees het gepas deur middel van die profeet Jesaja tot julle voorvaders gespreek **26** en gesê: ‘Gaan na hierdie volk toe en sê: “Wanneer julle hoor, sal julle hoor, maar hoegenaamd nie verstaan nie; en wanneer julle kyk, sal julle kyk, maar hoegenaamd nie sien nie.[f] **27** Want die hart van hierdie volk het onontvanklik geword, en met hulle ore het hulle gehoor sonder om te reageer, en hulle het hulle oë gesluit; sodat hulle nooit met hulle oë sou sien en met hulle ore sou hoor en met hulle hart sou verstaan en terugdraai en ek hulle sou genees nie.” ’[g] **28** Laat dit dan aan julle bekend wees dat dít, die middel waardeur God red, na die nasies uitgestuur is;[h] hulle sal beslis daarna luister.”[i] **29** ——

**30** Toe het hy ’n volle twee jaar lank in sy eie gehuurde huis gebly,[j] en hy het almal wat na hom toe ingekom het, vriendelik ontvang **31** en die koninkryk van God aan hulle verkondig en die dinge aangaande die Here Jesus Christus geleer met die grootste vrymoedigheid van spraak,[k] sonder enige verhindering.

**HFST. 28**

a 2Ko 1:4
b Han 24:23
c Han 24:12; Han 25:8
d Han 21:33
e Han 26:32
f Han 24:10
g Han 23:9; Han 23:29; Han 25:25; Han 26:31
h Han 25:11; Han 26:32
i Ef 6:20; 2Ti 1:16
j Han 23:6; Han 26:6; Tit 2:13
k Han 24:14
l Lu 2:34; Joh 15:19

**Tweede kol.**

a Han 17:2; Han 26:22
b Ge 3:15; Ge 22:18; Ge 49:10; De 18:18; De 32:43; Joh 5:46
c Jes 9:6; Jes 11:10; Jes 52:15; Jer 23:5; Mi 5:2; Sag 13:7; Mal 3:1; Lu 24:44
d Han 17:4
e Han 14:4; 2Te 3:2
f Jes 6:9; Jer 5:31; Ese 12:2; Ro 11:8
g Jes 6:10
h Lu 3:6; Han 13:46; Han 22:21; Ro 11:11
i Ps 67:2; Ps 98:3; Jes 11:10
j Han 28:16
k Han 26:26; Ef 6:19

AAN DIE

# ROMEINE

**1** Paulus, ’n slaaf[a] van Jesus
Christus en geroep[b] om ’n
apostel[c] te wees, afgesonder
vir God se goeie nuus,[d] **2** wat
hy tevore deur sy profete[e] in
die heilige Skrif beloof het,
**3** aangaande sy Seun, wat na
die vlees[f] uit die saad van
Dawid[g] gespruit het, **4** maar
wat na die gees[h] van heilig-
heid deur middel van ’n opstan-
ding uit die dode[i] met krag[j]
as God se Seun[k] verklaar is
—ja, Jesus Christus, ons Here,
**5** deur wie ons onverdiende
goedhartigheid[l] en ’n apostel-
skap[m] ontvang het sodat daar
onder al die nasies[n] geloofsge-
hoorsaamheid met betrekking
tot sy naam sou wees, **6** on-
der wie julle ook dié is wat ge-
roep is om aan Jesus Christus
te behoort— **7** aan almal wat
in Rome is as God se geliefdes,
geroep[o] om heiliges te wees:[p]

Mag julle onverdiende goed-
hartigheid en vrede[q] hê van
God, ons Vader, en die Here Je-
sus Christus.[r]

**8** In die eerste plek dank[s] ek
my God deur Jesus Christus oor
julle almal, omdat daar in die
hele wêreld oor julle geloof ge-
praat word.[t] **9** Want God, aan
wie ek met my gees heilige
diens in verband met die goeie
nuus oor sy Seun verrig, is my
getuie[u] hoe ek altyd sonder op-
hou in my gebede van julle mel-
ding maak[v] **10** en smeek dat
ek, indien enigsins moontlik,
nou uiteindelik deur die wil[w]
van God daarin sal slaag om
na julle toe te kom. **11** Want
ek verlang om julle te sien[x] om
julle die een of ander geesteli-
ke gawe[a] te kan meedeel sodat
julle standvastig gemaak kan
word; **12** of liewer, dat daar
wedersydse aanmoediging[b] on-
der julle kan wees, deurdat elk-
een aangemoedig word deur
middel van die ander een se ge-
loof,[c] julle s’n sowel as myne.

**13** Maar ek wil nie hê dat jul-
le onbewus daarvan moet wees
nie, broers,[d] dat ek my dikwels
voorgeneem het om na julle toe
te kom[e]—maar ek is tot nou toe
verhinder—sodat ek ook onder
julle, net soos onder die res
van die nasies, vrugte[f] kan in-
samel. **14** Teenoor Grieke so-
wel as Barbare, teenoor wy-
ses[g] sowel as onverstandiges
is ek ’n skuldenaar: **15** daar-
om is ek gretig om ook aan
julle wat daar in Rome[h] is, die
goeie nuus bekend te maak.[i]
**16** Want ek skaam my nie[j] vir
die goeie nuus nie; dit is trou-
ens God se krag[k] tot redding
vir elkeen wat geloof het,[l] eers
vir die Jood,[m] en ook vir die
Griek;[n] **17** want daarin word
God se regverdigheid[o] geopen-
baar weens geloof[p] en tot ge-
loof, net soos daar geskrywe
staan: “Maar die regverdige
—deur middel van geloof sal hy
lewe.”[q]

**18** Want God se gramskap[r]
word vanuit die hemel geopen-
baar teen alle goddeloosheid en
onregverdigheid[s] van die men-
se wat die waarheid[t] op on-
regverdige wyse onderdruk,[u]
**19** omdat wat omtrent God be-
kend kan wees, onder hulle

**HFST. 1**

a Ga 1:10
b Han 9:15 Ga 1:15
c 1Ko 15:9
d Ga 3:8
e Nu 12:6 Lu 1:70 Tit 1:2
f Joh 1:14 Ga 4:4
g 2Sa 7:12 Lu 1:32 2Ti 2:8
h Lu 11:13 Ef 1:13 1Ti 3:16
i Ps 16:10 Han 3:15 Han 13:33
j 2Ko 13:4
k Ps 2:7 Heb 1:5
l Joh 1:16 Ef 3:8
m 1Ti 2:7 2Ti 1:11
n Han 15:14 Ga 2:7
o Flp 3:14 1Te 2:12 Heb 3:1
p 1Ko 1:2
q Ef 6:23
r 1Ko 1:3 Ga 1:3
s Flp 1:3
t Ro 16:19 1Te 1:8
u 2Ko 1:23 Flp 1:8
v 1Te 3:10 2Ti 1:3
w Han 18:21 Ro 15:32 Jak 4:15
x Flp 1:8 Flp 4:1 1Te 2:17

**Tweede kol.**

a Ro 15:29
b Flp 2:1 1Te 5:11 Heb 10:25
c Ga 6:10 1Ti 4:10 1Pe 1:7
d Mr 3:35
e Ro 15:23
f Joh 15:16 Flp 4:17
g 1Ko 3:18
h Han 19:21
i Mr 13:10
j Ps 119:46 Mr 8:38 2Ti 1:8
k 1Ko 1:18
l Heb 11:6
m Han 3:26
n Han 18:6
o Ro 3:21

**p** Joh 3:36; Flp 3:9; **q** Hab 2:4; Ga 3:11; Heb 10:38; **r** Ro 2:5; Ef 5:6; **s** Job 24:13; **t** Ro 1:25; **u** Joh 8:44.

openbaar is,[a] want God het dit
aan hulle openbaar gemaak.[b]
**20** Want sy onsigbare[c] eien-
skappe word van die wêreld
se skepping af duidelik gesien,[d]
omdat hulle waargeneem word
in die dinge wat gemaak is,[e]
ja, sy ewige krag[f] en Godheid,[g]
sodat hulle onverskoonbaar is;[h]
**21** want hoewel hulle God ge-
ken het, het hulle hom nie as
God verheerlik nie en hom ook
nie gedank nie,[i] maar hulle het
leeghoofdig[j] in hulle redenasies
geword en hulle onintelligente
harte het verduisterd geword.[k]
**22** Hoewel hulle verklaar het
dat hulle wys is, het hulle dwaas
geword[l] **23** en die heerlik-
heid[m] van die onverderflike God
verander in iets soos die beeld[n]
van 'n verderflike mens en van
voëls en viervoetige en krui-
pende diere.[o]

**24** Daarom het God hulle, in
ooreenstemming met die be-
geertes van hulle harte, aan on-
reinheid oorgegee,[p] sodat hulle
liggame[q] onder mekaar onteer
sou word,[r] **25** ja, dié wat die
waarheid[s] van God vir die leu-
en[t] verruil het en wat eer be-
wys het en heilige diens ver-
rig het aan die skepping pleks
van aan die Een wat geskep het,
wat tot in ewigheid geloof moet
word. Amen. **26** Daarom het
God hulle aan skandelike ge-
slagsdrifte oorgegee,[u] want ook
hulle vroue het die natuurlike
gebruik van hulleself verander
in een wat teen die natuur is;[v]
**27** en net so het ook die mans
die natuurlike gebruik van die
vrou laat vaar[w] en hewig in hul-
le wellus teenoor mekaar ont-
brand, mans met mans,[x] en on-
welvoeglikheid[y] bedryf en in
hulleself die volle vergelding
ontvang[z] wat hulle vir hulle
dwaling verdien het.[a]

**28** En net soos hulle dit
nie goedgevind het om God
in juiste kennis[a] te hou nie,
het God hulle aan 'n afgekeur-
de geestestoestand[b] oorgegee,
om die dinge te doen wat nie
gepas is nie,[c] **29** want hul-
le was vervul met alle onreg-
verdigheid,[d] goddeloosheid,[e]
hebsug,[f] slegtheid;[g] vol af-
guns,[h] moord,[i] twis,[j] bedrog,[k]
kwaadwilligheid;[l] fluisteraars,[m]
**30** kwaadsprekers,[n] haters van
God, vermetel,[o] hoogmoe-
dig,[p] aanmatigend,[q] uitvinders
van skadelike dinge,[r] onge-
hoorsaam aan ouers,[s] **31** son-
der begrip,[t] ontrou aan oor-
eenkomste,[u] sonder natuurlike
geneentheid,[v] onbarmhartig.[w]
**32** Hoewel hulle baie goed ver-
troud is met die regverdige ver-
ordening van God,[x] dat dié wat
sulke dinge beoefen die dood
verdien,[y] hou hulle nie net aan
om dit te doen nie, maar hulle
skenk ook hulle goedkeuring[z]
aan dié wat dit beoefen.

**2** Daarom is jy onverskoon-
baar,[a] o mens, wie jy ook al
is, as jy oordeel;[b] want in die
aangeleentheid waarin jy 'n
ander oordeel, veroordeel jy
jouself, aangesien jy wat oor-
deel,[c] dieselfde dinge beoefen.[d]
**2** En ons weet dat die oordeel
van God, in ooreenstemming
met waarheid,[e] teen dié is wat
sulke dinge beoefen.

**3** Maar dink jy, o mens,[f] dat
jy, wat diegene oordeel wat sul-
ke dinge beoefen en dit nogtans
self doen, aan die oordeel van
God sal ontkom?[g] **4** Of verag
jy die rykdom van sy goedhar-

**HFST. 1**
a Han 14:17
b Ps 19:1
c 1Ti 1:17; Heb 11:27
d Jes 40:21
e Jes 40:26; Op 4:11
f Jer 10:12; 2Pe 1:3
g Ps 103:19; Jer 10:10; Op 15:3
h Han 17:27; Ro 3:2
i De 4:8; Ps 50:23; Ps 147:19
j Mt 23:28; Tit 1:14
k Ge 6:5; Mt 9:4; Mt 13:15; Lu 5:22
l Mt 23:17; 2Pe 2:19
m Jer 2:11; Ho 4:7; Han 17:29
n De 4:16; Ps 106:20; Han 14:15
o De 4:17; Ese 8:10
p Ps 81:12; Han 7:42; 2Ko 12:21; Ga 5:19
q 1Ko 6:18
r Le 18:22; Ef 5:12
s Mt 4:10; Joh 8:32; Ro 2:8
t Ps 10:4; Ps 14:1; Mal 3:14; Joh 8:44; 2Te 2:11; 2Ti 4:4
u 1Te 4:5
v Le 18:23; Jud 7
w Le 18:22
x Ge 19:5; Le 20:13; 1Ko 6:9
y Ro 6:21; Ef 5:4
z De 7:15; Ga 6:7; 2Pe 2:13
a 2Pe 2:19; Jud 10

**Tweede kol.**
a Heb 10:26
b Ro 11:7; 2Ko 3:14
c Ga 5:19; 2Ti 3:2
d 1Pe 4:3
e Mr 7:22
f De 5:21; 2Pe 2:14
g 1Pe 2:16
h Tit 3:3
i Jak 4:2; 1Jo 3:15
j Ga 5:20
k 1Te 2:3; 1Pe 2:1

l Ef 4:31; 1Ti 5:13; m Spr 11:13; n 1Pe 2:1; o Ps 10:13; p 2Ti 3:2; q Spr 21:24; r Ps 140:2; s De 21:18; t Ps 32:9; Ro 1:21; u 1Ti 1:10; v De 28:54; 2Ti 3:3; w Jak 2:13; x De 4:8; y De 22:21; 2Te 2:12; Op 21:8; z Ps 50:18; Ho 7:3; **HFST. 2** a Ro 2:9; Ro 9:20; b Ro 14:10; Jak 4:11; c Mt 7:5; d Ro 2:21; e Jes 11:3; 2Te 1:6; f Ro 2:17; g Mt 23:33; Mr 12:40; 1Ti 5:24.

tigheid[a] en verdraagsaamheid[b]
en lankmoedigheid,[c] omdat jy
nie weet dat die goedhartigheid
van God jou tot berou probeer
lei nie?[d] **5** Maar ooreenkom-
stig jou hardheid[e] en onberou-
volle hart[f] gaar jy vir jou
gramskap[g] op op die dag van
gramskap[h] en van die openba-
ring[i] van God se regverdige oor-
deel.[j] **6** En hy sal elkeen vol-
gens sy werke vergeld:[k] **7** die
ewige lewe vir dié wat deur vol-
harding in goeie werk heerlik-
heid en eer en onverderflikheid[l]
soek; **8** maar vir dié wat twis-
gierig[m] is en wat aan die waar-
heid ongehoorsaam[n] maar aan
onregverdigheid gehoorsaam
is, sal daar gramskap en toorn
wees,[o] **9** verdrukking en be-
noudheid oor die siel van elke
mens wat skadelike dinge doen,
eers van die Jood,[p] en ook van
die Griek;[q] **10** maar heerlik-
heid en eer en vrede vir elk-
een wat goed doen,[r] eers vir
die Jood,[s] en ook vir die Griek.[t]
**11** Want daar is geen partydig-
heid by God nie.[u]

**12** Almal wat byvoorbeeld
sonder wet gesondig het, sal
ook sonder wet vergaan;[v] maar
almal wat onder die wet ge-
sondig het,[w] sal deur die wet
geoordeel word.[x] **13** Want die
hoorders van die wet is nie
die regverdiges voor God nie,
maar die daders[y] van die wet
sal regverdig verklaar word.[z]
**14** Want wanneer mense van
die nasies,[a] wat geen wet het
nie,[b] van nature die dinge van
die wet doen,[c] is hierdie men-
se, al het hulle geen wet nie,
’n wet vir hulleself. **15** Dit is
juis hulle wat toon dat die wese
van die wet in hulle harte ge-
skrywe staan,[d] terwyl hulle ge-
wete[e] saam met hulle getuig en
hulle eie gedagtes hulle onder-
ling beskuldig[a] of selfs veront-
skuldig. **16** Dit sal in die dag
wees wanneer God deur Chris-
tus Jesus die verborge[b] dinge
van die mense[c] oordeel,[d] vol-
gens die goeie nuus wat ek be-
kend maak.[e]

**17** As jy dan nou in naam
’n Jood is[f] en op die wet steun[g]
en jou op God beroem[h] **18** en
jy sy wil ken[i] en dinge goed-
keur wat uitnemend is omdat
jy mondeling uit die Wet on-
derrig word[j] **19** en jy daarvan
oortuig is dat jy ’n gids vir die
blindes is,[k] ’n lig vir dié in duis-
ternis,[l] **20** ’n teregwyser van
die onredelikes,[m] ’n leermees-
ter van klein kindertjies,[n] en
die raamwerk[o] van die kennis
en van die waarheid[p] in die Wet
het— **21** leer jy, die een wat
iemand anders leer, dan nie jou-
self nie?[q] Jy, die een wat preek:
“Moenie steel nie”,[r] steel jy?[s]
**22** Jy, die een wat sê: “Moe-
nie egbreuk pleeg nie”,[t] pleeg
jy egbreuk? Jy, die een wat te
kenne gee dat jy ’n afsku van
die afgode het, beroof jy tem-
pels?[u] **23** Jy wat jou op die
wet beroem, doen jy God oneer
aan deur jou oortreding van die
Wet?[v] **24** Want “die naam van
God word weens julle onder die
nasies gelaster”;[w] net soos daar
geskrywe staan.

**25** Die besnydenis[x] is in
werklikheid slegs van nut as
jy die wet onderhou;[y] maar as
jy ’n oortreder van die wet
is, het jou besnydenis[z] onbe-
snedenheid[a] geword. **26** As ’n
onbesnedene[b] dan die regver-
dige vereistes van die Wet na-
kom,[c] sal sy onbesnedenheid as

**HFST. 2**

**a** Ps 86:5, Ro 11:22, Ef 1:7
**b** Ro 3:25
**c** Eks 34:6, Jes 30:18
**d** 2Ti 2:25, 2Pe 3:9
**e** De 9:6, Ese 3:7
**f** 1Sa 6:6
**g** De 32:35, Spr 28:14
**h** Op 6:17
**i** 2Te 1:7
**j** Han 17:31, Op 11:18
**k** Job 34:11, Ps 62:12, Spr 24:12, Ese 18:30, Mt 16:27, Joh 5:29
**l** 1Ko 15:53, Op 20:6
**m** Flp 2:3
**n** Mt 4:10, Joh 8:44, Ga 5:7
**o** Jes 3:11, Ro 1:18, Kol 3:6, Heb 10:27
**p** Am 3:2
**q** 2Te 1:6
**r** Ga 5:22
**s** Joh 4:22, Han 13:46
**t** Han 15:14
**u** De 10:17, 2Kr 19:7, Han 10:34
**v** Ef 2:12, Kol 2:13
**w** Ro 3:19
**x** Ro 7:9
**y** De 30:14, Ese 20:11, Jak 1:22
**z** Han 13:39, Ga 3:11
**a** De 26:19
**b** Ps 147:20
**c** Han 10:2
**d** Han 10:4
**e** 1Ko 8:7, 1Pe 3:16

**Tweede kol.**

**a** Ge 4:13
**b** Lu 8:17, 1Ti 5:25
**c** 1Pe 4:5
**d** Joh 5:22, Han 10:42, Han 17:31
**e** 2Ko 5:10, 1Pe 4:6
**f** Ro 9:6
**g** Mi 3:11, Mt 23:23, Lu 11:46
**h** Jes 45:25, Joh 8:41
**i** De 4:8, Ps 143:10
**j** Ro 3:2
**k** Jes 42:7, Mt 15:14, Mt 23:16

**l** Jes 49:6; **m** 2Kn 5:11; **n** Jes 42:6; Mt 15:26; **o** Eks 25:9; Han 7:44; Heb 8:5; Heb 10:1; **p** Ro 1:25; Kol 2:17; **q** Mt 23:3; **r** Eks 20:15; Jos 7:11; **s** Mr 12:40; **t** De 5:18; 1Ko 6:9; **u** Mal 3:8; **v** Ps 78:10; **w** Jes 52:5; Ese 36:20; **x** Ge 17:10; **y** Ga 5:3; **z** 1Ko 7:19; **a** Jer 9:25; Ga 5:6; **b** Ef 2:11; **c** Han 10:2.

besnydenis gereken word, nie
waar nie?[a] **27** En die persoon
wat van nature onbesnede is,
sal, deur die Wet na te kom,
vir jou oordeel[b] wat mét die
geskrewe kode en besnydenis
daarvan 'n oortreder van die
wet is. **28** Want hy is nie 'n
Jood wat dit uiterlik is nie,[c] en
ook is besnydenis nie dit wat
uiterlik aan die vlees is nie.[d]
**29** Maar hy is 'n Jood wat dit
innerlik is,[e] en sy besnydenis is
dié van die hart[f] deur gees, en
nie deur 'n geskrewe kode[g] nie.
Die lof[h] van so iemand kom nie
van mense nie, maar van God.[i]

**3** Wat is dan die voorrang van
die Jood,[j] of wat is die nut
van die besnydenis?[k] **2** Baie
in elke opsig. In die eerste
plek, omdat die heilige verkla-
rings van God aan hulle toe-
vertrou is.[l] **3** Wat is die ge-
val dan? As party nie geloof
geopenbaar het nie,[m] sal hul-
le gebrek aan geloof dan mis-
kien die getrouheid[n] van God
kragteloos maak?[o] **4** Mag dit
nooit gebeur nie! Maar laat
God waaragtig bevind word,[p] al
word elke mens 'n leuenaar be-
vind,[q] net soos daar geskrywe
staan: "Sodat u regverdig kan
wees in u woorde en kan wen
wanneer u geoordeel word."[r]
**5** Maar as ons onregverdigheid
God se regverdigheid[s] na vore
bring, wat sal ons dan sê? God
is tog nie onregverdig[t] wan-
neer hy aan sy gramskap uiting
gee nie, of hoe? (Ek praat soos
'n mens.[u]) **6** Mag dit nooit ge-
beur nie! Hoe sal God andersins
die wêreld oordeel?[v]

**7** Maar as die waarheid van
God[w] weens my leuen promi-
nenter gemaak is tot sy heerlik-
heid, waarom word ek ook dan
nog as 'n sondaar geoordeel?[x]
**8** En waarom nie sê, net soos
ons valslik daarvan beskuldig
word[a] en net soos party men-
se beweer ons sê: "Laat ons
die slegte dinge doen, sodat die
goeie dinge kan kom" nie?[b] Die
oordeel[c] teen dié mense is in
ooreenstemming met geregtig-
heid.[d]

**9** Wat dan? Is ons in 'n beter
posisie?[e] Glad nie! Want hier-
bo het ons die beskuldiging ge-
maak dat Jode sowel as Grie-
ke almal onder die sonde
is;[f] **10** net soos daar geskry-
we staan: "Daar is nie 'n regver-
dige mens nie, nie eers een nie;[g]
**11** daar is niemand wat enige
insig het nie, daar is niemand
wat God soek nie.[h] **12** Alle
mense het afgewyk, hulle almal
tesame het waardeloos geword;
daar is niemand wat goedhar-
tigheid betoon nie, daar is nie
eers een nie."[i] **13** "Hulle keel
is 'n oop graf, met hulle tonge
het hulle bedrog gepleeg."[j] "Die
gif van adders is agter hulle lip-
pe."[k] **14** "En hulle mond is vol
vervloeking en bitter uitinge."[l]
**15** "Hulle voete is vinnig om
bloed te vergiet."[m] **16** "Ver-
derf en ellende is op hulle weë,[n]
**17** en hulle het die weg van vre-
de nie geken nie."[o] **18** "Daar
is geen vrees vir God voor hul-
le oë nie."[p]

**19** Ons weet dan nou dat die
Wet[q] alles wat dit sê, tot dié
rig wat onder die Wet is, sodat
elke mond gestop[r] kan word en
die hele wêreld voor God straf-
baar[s] kan word. **20** Daarom
sal geen vlees deur werke van
die wet voor hom regverdig ver-
klaar word nie,[t] want deur die
wet[u] is die juiste kennis van
sonde.[v]

**21** Maar nou is God se reg-

---

**HFST. 2**
a Ro 4:10
b Mt 12:41
c Joh 8:39; Op 2:9
d Joh 7:24; 1Ko 7:19
e Ro 9:6
f De 10:16; De 30:6; Jer 4:4; Han 7:51; Flp 3:3
g Ro 7:6
h 1Ko 4:5
i Joh 5:44

**HFST. 3**
j Ro 9:4
k Joh 4:22
l De 4:8; Ps 147:19; Han 7:38
m 2Te 3:2; Heb 4:2
n 2Ti 2:13
o Nu 23:19; Jes 55:11
p 1Kn 18:39; Joh 3:33; Joh 8:26
q Ps 116:11; Jer 8:9; Jer 9:5
r Ps 51:4; Lu 7:29
s Ro 1:17; Flp 3:9
t Ge 18:25
u Ga 3:15
v Ps 9:8; Ps 96:13; Ps 98:9; Han 17:31
w 1Ti 2:7
x Han 24:20

**Tweede kol.**
a Mt 28:15
b Ro 6:1
c Mt 23:38
d Heb 2:2
e Ro 11:17
f Ro 3:23; Ga 3:22
g Ps 14:1; Spr 20:9; Pr 7:20
h Ps 14:2; Ps 53:2
i Ps 14:3; Ps 53:3
j Ps 5:9; Ps 52:2
k Ps 58:4; Ps 140:3; Mt 12:34; Jak 3:8
l Ps 10:7; Jak 3:9
m Spr 1:16; Jes 59:7
n Jes 59:7
o Jes 59:8
p Ge 20:11; Ps 36:1; Ps 112:1; Spr 16:6
q Ga 3:24

---

r Ps 63:11; s Ro 2:12; Ro 5:13; Ga 3:10; t Han 13:39; Ga 3:11; u Ro 7:9; v Ro 7:13; Ga 3:19.

verdigheid[a] openbaar gemaak
sonder die wet, waarvan deur
die Wet[b] en die Profete[c] getuig
word;[d] **22** ja, God se regver-
digheid deur die geloof in Jesus
Christus,[e] vir almal wat geloof
het.[f] Want daar is geen on-
derskeid nie.[g] **23** Want almal
het gesondig[h] en skiet te kort
aan die heerlikheid van God,[i]
**24** en dit is as ’n vrye gawe[j]
dat hulle deur sy onverdien-
de goedhartigheid[k] regverdig
verklaar word op grond van
die bevryding deur die losprys[l]
wat deur Christus Jesus betaal
is. **25** God het hom gestel as
’n offer vir versoening[m] deur
geloof in sy bloed.[n] Dit was om
sy eie regverdigheid te toon,
want hy het die sondes verge-
we[o] wat in die verlede plaas-
gevind het terwyl God ver-
draagsaamheid beoefen het,[p]
**26** ten einde sy eie regverdig-
heid[q] in die teenswoordige tyd
te toon, sodat hy regverdig sal
wees ook wanneer hy die mens
regverdig verklaar[r] wat geloof
in Jesus het.

**27** Waar is die geroem dan?[s]
Dit is uitgesluit. Deur watter
wet?[t] Dié van werke?[u] Nee, be-
slis nie, maar deur die wet van
geloof.[v] **28** Want ons reken
dat ’n mens regverdig verklaar
word deur geloof sonder wer-
ke van die wet.[w] **29** Of is hy
net die God van die Jode?[x] Is hy
dit nie ook van mense van die
nasies nie?[y] Ja, ook van men-
se van die nasies,[z] **30** as God
waarlik een is,[a] wat besnede-
nes[b] as gevolg van geloof reg-
verdig sal verklaar en onbesne-
denes[c] deur middel van hulle
geloof. **31** Maak ons dan die
wet tot niet deur middel van
ons geloof?[d] Mag dit nooit ge-
beur nie! Inteendeel, ons beves-
tig die wet.[e]

**HFST. 3**
**a** De 32:4; Ro 1:17
**b** Nu 21:9; De 18:18
**c** Jes 53:11; Jer 31:34; Da 9:24
**d** Heb 11:4
**e** Joh 1:17
**f** Jes 59:20
**g** Ga 3:28
**h** Pr 7:20; Ro 3:9
**i** Ge 1:31; Jes 64:6
**j** Ro 5:17; Ro 6:23; Ef 1:7
**k** Ef 2:8
**l** Mt 20:28; 1Ko 1:30; 1Ti 2:6; 1Pe 2:24
**m** Jes 53:11; 2Ko 5:19; 1Jo 2:2; 1Jo 4:10
**n** Le 17:11; Han 13:39; Ef 1:7
**o** Han 13:38
**p** Han 17:30; Ro 2:4
**q** Ps 89:14; Ro 5:18
**r** Ro 8:33; 1Ko 1:30; 1Jo 1:9
**s** 1Ko 1:29
**t** Han 13:39
**u** Ef 2:9
**v** Jer 31:33; Ro 1:17; Ro 8:2
**w** Han 13:39; Ga 2:16; Jak 2:24
**x** Han 17:27
**y** Han 10:4
**z** Jes 54:5; Ro 10:12; Ga 3:14
**a** De 6:4; Mr 12:29; 1Ko 8:6; Ef 4:6; 1Ti 2:5
**b** 1Ko 7:18
**c** Ga 3:8
**d** Mt 5:17
**e** Ro 8:4; Ro 13:10

**Tweede kol.**

**HFST. 4**
**a** Jes 51:2; Joh 8:39
**b** Ge 12:4; De 6:25
**c** Ge 15:6; Ga 3:6; Jak 2:23
**d** Ro 9:32
**e** Ro 11:6
**f** Mt 20:9; 1Ti 5:18
**g** Joh 6:29

# 4

Aangesien dit so is, wat sal
ons dan sê van Abraham,
ons voorvader[a] na die vlees?
**2** As Abraham byvoorbeeld as
gevolg van werke regverdig
verklaar is,[b] sou hy rede ge-
had het om te roem; maar nie
by God nie. **3** Want wat sê die
Skrifgedeelte? “Abraham het
geloof in Jehovah beoefen, en
dit is hom as regverdigheid toe-
gereken.”[c] **4** En aan hom wat
werk,[d] word die betaling nie as
’n blyk van onverdiende goed-
hartigheid toegereken nie,[e]
maar as iets wat aan hom ver-
skuldig is.[f] **5** Aan hom daar-
enteen wat nie werk nie maar
geloof stel[g] in hom wat die god-
delose regverdig verklaar, word
sy geloof as regverdigheid toe-
gereken.[h] **6** Net soos Dawid
ook praat van die geluk van
die mens aan wie God regver-
digheid toereken sonder werke:
**7** “Gelukkig is dié wie se wet-
telose dade vergewe is[i] en wie
se sondes bedek is;[j] **8** geluk-
kig is die mens wie se sonde Je-
hovah hom hoegenaamd nie sal
toereken nie.”[k]

**9** Is hierdie geluk dan vir be-
snedenes of ook vir onbesnede-
nes?[l] Want ons sê: “Abraham se
geloof is hom as regverdigheid
toegereken.”[m] **10** Onder wat-
ter omstandighede is dit dan
toegereken? Toe hy besnede of
onbesnede was?[n] Nie toe hy be-
snede was nie, maar onbesne-
de. **11** En hy het ’n teken ont-
vang,[o] naamlik die besnydenis,
as ’n seël van die regverdigheid
deur die geloof wat hy gehad
het terwyl hy in sy onbesne-
de staat was, dat hy die vader
sou wees[p] van almal wat geloof
het[q] terwyl hulle onbesnede is,

**h** Han 13:39; Ga 2:16; Ga 2:17; **i** Ps 85:2; Jes 43:25; **j** Ps 32:1; **k** Ps 32:2; 2Ko 5:19; **l** Ro 3:30; **m** Ro 4:3; **n** 1Ko 7:19; **o** Ge 17:1; Ge 17:11; Han 7:8; **p** Lu 19:9; Ro 4:16; **q** Ge 15:6; Ga 3:7.

sodat regverdigheid aan hulle
toegereken sou word; **12** en
’n vader van besnede nakome-
linge, nie net vir dié wat aan die
besnydenis vashou nie, maar
ook vir dié wat ordelik wandel
in die voetstappe van dié geloof
wat ons vader[a] Abraham in sy
onbesnede staat gehad het.

**13** Want dit was nie deur
middel van die wet dat Abra-
ham of sy saad die belofte gehad
het[b] dat hy die erfgenaam van
’n wêreld sou wees nie, maar
deur middel van die regverdig-
heid deur geloof.[c] **14** Want as
dié wat aan die wet vashou, erf-
gename is, is geloof nutteloos
gemaak en is die belofte tot niet
gemaak.[d] **15** In werklikheid
bring die Wet gramskap voort,[e]
maar waar daar geen wet is
nie, is daar ook geen oortreding
nie.[f]

**16** Daarom was dit as gevolg
van geloof, dat dit ooreenkom-
stig onverdiende goedhartig-
heid[g] kon wees, sodat die be-
lofte[h] seker sou wees vir al sy
saad,[i] nie net vir dié wat aan die
Wet vashou nie, maar ook vir
dié wat aan die geloof van Abra-
ham vashou. (Hy is die vader[j]
van ons almal, **17** net soos
daar geskrywe staan: “Ek het
jou as ’n vader van baie nasies
aangestel.”)[k] Dit was voor die
aangesig van die Een in wie hy
geloof gehad het, ja, van God,
wat die dooies lewend maak[l]
en die dinge wat nie is nie,
roep asof hulle is.[m] **18** Hoe-
wel daar nie meer hoop was nie,
het hy tog op grond van hoop
geloof gehad,[n] dat hy die vader
van baie nasies[o] kon word oor-
eenkomstig wat gesê is: “So sal
jou saad wees.”[p] **19** En hoe-
wel hy nie swak geword het
in geloof nie, het hy gedink aan
sy eie liggaam, toe reeds asof
dood,[a] aangesien hy omtrent
honderd jaar oud was,[b] ook aan
die dooie toestand van die moe-
derskoot van Sara.[c] **20** Maar
weens die belofte[d] van God het
hy nie in ’n gebrek aan geloof
gewankel nie,[e] maar kragtig ge-
word deur sy geloof,[f] terwyl hy
God die heerlikheid gegee het
**21** en heeltemal daarvan oor-
tuig was dat hy ook kon doen
wat hy beloof het.[g] **22** Daar-
om ‘is dit hom as regverdigheid
toegereken’.[h]

**23** Dat ‘dit hom toegereken
is’,[i] is egter nie net ter wille van
hom geskryf nie,[j] **24** maar
ook ter wille van ons, aan wie
dit bestem is om toegereken te
word, omdat ons glo in hom wat
Jesus, ons Here, uit die dode op-
gewek het.[k] **25** Hy is oorgele-
wer ter wille van ons oortre-
dings[l] en is opgewek ter wille
van ons regverdigverklaring.[m]

**5** Laat ons dan, noudat ons
regverdig verklaar is as ge-
volg van geloof,[n] vrede[o] geniet
met God deur ons Here Jesus
Christus, **2** deur wie ons ook
deur geloof ons toegang ver-
kry het[p] tot hierdie onverdien-
de goedhartigheid waarin ons
nou staan; en laat ons ons ver-
heug, op grond van hoop[q] op
die heerlikheid van God.
**3** En nie net dit nie, maar laat
ons ons verheug terwyl ons
in verdrukkinge is,[r] aangesien
ons weet dat verdrukking vol-
harding voortbring;[s] **4** vol-
harding weer ’n goedgekeur-
de toestand;[t] die goedgekeurde
toestand weer hoop,[u] **5** en die
hoop lei nie tot teleurstelling
nie;[v] omdat die liefde van God[w]
in ons harte uitgestort is[x] deur
middel van die heilige gees,[y]
wat aan ons gegee is.

**HFST. 4**

**a** Ga 3:29
**b** Ge 12:3 Ge 17:6 Ge 18:18 Ge 22:17
**c** Heb 11:8
**d** Ga 3:18
**e** Ro 3:20 Ro 5:20 2Ko 3:7 Ga 3:19
**f** Ro 5:13
**g** Ro 3:24
**h** Ro 15:8 Ga 3:22
**i** Ro 9:8 Ga 3:29
**j** Ro 4:11
**k** Ge 17:5
**l** Da 12:13 Lu 20:37 Ef 2:1 Heb 11:19
**m** Lu 20:38 1Ko 1:28 1Pe 2:10
**n** Heb 11:17
**o** Ge 17:6
**p** Ge 15:5

**Tweede kol.**

**a** Heb 11:12
**b** Ge 17:17
**c** Ge 18:11 Heb 11:11
**d** Heb 6:13
**e** Heb 3:19
**f** Ga 3:9 Heb 11:34
**g** Ps 115:3 Heb 11:19
**h** Ge 15:6 Jak 2:23
**i** Flm 18
**j** Ro 15:4
**k** Han 2:24 Han 13:30 1Pe 1:21
**l** Jes 53:12 Mt 20:28
**m** Jes 53:11 2Ko 5:21

**HFST. 5**

**n** Han 13:39 Ro 3:26
**o** Jes 32:17 Ga 6:16 Ef 2:14
**p** Joh 10:9 2Ko 5:18 Ef 2:12 Ef 3:12 Heb 10:19
**q** Ro 15:13 Heb 3:6
**r** Han 5:41 Flp 2:17 1Pe 3:14 1Pe 4:13
**s** Han 5:42 Heb 10:36
**t** 2Ti 2:15 Jak 1:12
**u** Flp 1:20
**v** Jos 21:45
**w** 1Jo 2:5 2Jo 6

**x** 2Ko 1:22; Ga 4:6; **y** Ef 1:13; Tit 3:5.

**6** Want Christus het inder-
daad, terwyl ons nog swak
was,[a] op die vasgestelde tyd vir
goddeloses gesterf.[b] **7** Want
iemand sal beswaarlik vir ’n
regverdige mens sterf;[c] ja, vir
die goeie[d] mens het iemand
miskien nog die moed om te
sterf.[e] **8** Maar hierin beveel
God sy eie liefde[f] by ons aan,
dat Christus vir ons gesterf het
terwyl ons nog sondaars was.[g]
**9** Veel meer sal ons dus, aange-
sien ons nou deur sy bloed reg-
verdig verklaar is,[h] deur mid-
del van hom van gramskap
gered word.[i] **10** Want as ons,
toe ons vyande was,[j] met God
versoen geraak het deur die
dood van sy Seun,[k] sal ons veel
meer, noudat ons versoen ge-
raak het, deur sy lewe gered
word.[l] **11** En nie net dit nie,
maar ons verheug ons ook in
God deur ons Here Jesus Chris-
tus, deur wie ons nou die ver-
soening ontvang het.[m]

**12** Daarom, net soos deur
een mens[n] die sonde in die wê-
reld ingekom het en die dood[o]
deur die sonde en die dood
só tot alle mense deurgedring
het omdat hulle almal gesondig
het[p]—. **13** Want tot met die
Wet was die sonde in die wê-
reld, maar sonde word niemand
toegereken wanneer daar geen
wet is nie.[q] **14** Nietemin het
die dood as koning geheers van
Adam tot by Moses,[r] selfs oor
dié wat nie gesondig het na die
gelykheid van die oortreding
deur Adam[s] nie, wat ’n ooreen-
koms toon met hom wat sou
kom.[t]

**15** Maar dit is met die gawe
nie soos dit met die oortre-
ding was nie. Want as baie deur
een mens se oortreding gesterf
het, was die onverdiende goed-
hartigheid van God en sy vrye
gawe saam met die onverdien-
de goedhartigheid deur die een
mens[a] Jesus Christus veel oor-
vloediger vir baie.[b] **16** Ook is
dit met die vrye gawe[c] nie soos
dit was met die wyse waarop
dinge uitgewerk het deur mid-
del van die een mens wat geson-
dig het nie.[d] Want die oordeel[e]
het uit een oortreding tot ver-
oordeling gelei,[f] maar die gawe
het uit baie oortredings tot
’n regverdigverklaring gelei.[g]
**17** Want as die dood deur die
oortreding van die een mens[h]
as koning geheers het[i] deur
middel van hom, veel meer sal
dié wat die oorvloed van die on-
verdiende goedhartigheid[j] en
van die vrye gawe[k] van regver-
digheid ontvang, in die lewe as
konings heers[l] deur middel van
die een persoon, Jesus Chris-
tus.[m]

**18** Daarom dan, soos dit
deur een oortreding vir alle
soorte mense tot veroordeling
gelei het,[n] net so lei dit ook
deur een daad van regverdi-
ging[o] vir alle soorte mense[p] tot
regverdigverklaring vir die le-
we.[q] **19** Want net soos baie[r]
deur die ongehoorsaamheid
van die een mens sondaars ge-
maak is, so sal ook baie[s] deur
die gehoorsaamheid[t] van die
een persoon regverdig gemaak
word.[u] **20** En die Wet[v] het
daarnaas ingekom sodat oor-
treding oorvloedig sou word.[w]
Maar waar die sonde[x] oorvloe-
dig geword het, het onverdien-
de goedhartigheid[y] nog oor-
vloediger geword. **21** Met
watter doel? Sodat, net soos die
sonde as koning geheers het
saam met die dood,[z] die onver-
diende goedhartigheid[a] ook as
koning sou heers deur middel
van regverdigheid met die ewi-
ge lewe[b] in die vooruitsig deur

**HFST. 5**
a Ef 2:5
b Mt 20:28
c Ps 49:8
d Mt 12:35
e Joh 15:13
f Joh 3:16; Ef 2:4; 1Jo 4:10
g Jes 53:12; 1Pe 3:18
h Han 13:39; Ga 2:16; Heb 9:14
i 1Te 1:10; 1Te 5:9
j Jes 59:2; Kol 1:21
k 2Ko 5:18; Kol 1:22
l Han 15:11
m 2Ko 5:19; 1Jo 2:2
n Ge 2:17; Ge 3:6; Jes 43:27
o Ge 3:19; 1Ko 15:21
p Ps 51:5; Ese 18:4; Ro 3:23
q Ro 4:15
r Heb 2:15
s Ho 4:7; Ho 6:7
t 1Ko 15:45

**Tweede kol.**
a Jes 53:11; Heb 2:9
b Mt 20:28; Tit 3:4
c Ro 6:23
d Ge 2:17; Ge 3:6
e Ge 3:17
f Ge 3:19; 1Ko 11:32
g Ro 4:25
h Ro 5:12
i Ro 5:14
j 2Ko 9:8
k Ro 3:24; 2Ko 9:15; Jak 1:17
l Op 5:10; Op 20:4
m 1Pe 3:18; Op 1:5
n 1Ko 15:21
o Ro 4:25
p Ro 1:16; Ga 3:28; 1Ti 2:4
q Joh 10:10; Ro 3:25
r Ps 51:5; Ro 5:12
s Heb 2:10
t Heb 5:8
u Jes 53:11
v Ro 3:20
w Ga 3:19
x Joh 15:22
y 1Ti 1:14
z 1Ko 15:56
a Joh 1:17
b Joh 3:16; 1Jo 4:9

middel van Jesus Christus, ons
Here.

6 Wat sal ons gevolglik sê? Sal
ons in die sonde bly, sodat
onverdiende goedhartigheid
oorvloedig kan word?[a] 2 Mag
dit nooit gebeur nie! Hoe sal
ons, aangesien ons met betrek-
king tot die sonde gesterf het,[b]
aanhou om nog langer daar-
in te lewe?[c] 3 Of weet julle
nie dat ons almal wat in Chris-
tus Jesus gedoop is,[d] in sy dood
gedoop is nie?[e] 4 Daarom is
ons saam met hom begrawe[f]
deur middel van ons doop in
sy dood, sodat, net soos Chris-
tus deur middel van die heerlik-
heid van die Vader uit die dode
opgewek is,[g] ons ook in ’n nuut-
heid van lewe sou wandel.[h]
5 Want as ons een met hom ge-
word het in die gelykheid van
sy dood,[i] sal ons beslis ook een
met hom wees in die gelykheid
van sy opstanding;[j] 6 want
ons weet dat ons ou persoon-
likheid saam met hom aan die
paal gehang is,[k] sodat ons son-
dige liggaam onbedrywig ge-
maak kon word,[l] sodat ons nie
langer slawe van die sonde sou
bly nie.[m] 7 Want hy wat ge-
sterf het, is van sy sonde vryge-
spreek.[n]

8 Wat meer is, as ons saam
met Christus gesterf het, glo
ons dat ons ook saam met
hom sal lewe.[o] 9 Want ons
weet dat Christus, noudat hy
uit die dode opgewek is,[p] nie
meer sterf nie;[q] die dood is
nie meer meester oor hom nie.
10 Want die dood wat hy ge-
sterf het, het hy eens en vir al-
tyd met betrekking tot die son-
de gesterf;[r] maar die lewe wat
hy lewe, lewe hy met betrek-
king tot God.[s] 11 So ook jul-
le: beskou julleself inderdaad as
dood[t] met betrekking tot die
sonde, maar as lewend[a] met be-
trekking tot God deur Christus
Jesus.

12 Moet dan nie toelaat dat
die sonde langer as ko-
ning in julle sterflike liggaam
heers[b] sodat julle die begeer-
tes daarvan gehoorsaam nie.[c]
13 Moet ook nie voortgaan om
julle lede vir die sonde aan te
bied[d] as wapens van onregver-
digheid[e] nie, maar bied julle-
self vir God aan as dié wat
lewend[f] geword het uit die
dode, en ook julle lede vir God
as wapens[g] van regverdigheid.
14 Want die sonde moet nie
meester oor julle wees nie, aan-
gesien julle nie onder die wet
is nie[h] maar onder onverdiende
goedhartigheid.[i]

15 Wat volg daaruit? Sal ons
’n sonde begaan omdat ons nie
onder die wet is nie[j] maar on-
der onverdiende goedhartig-
heid?[k] Mag dit nooit gebeur nie!
16 Weet julle nie dat as jul-
le aanhou om julleself as slawe
vir iemand aan te bied om hom
te gehoorsaam, julle slawe van
hom is omdat julle hom gehoor-
saam nie,[l] hetsy van die son-
de[m] met die dood in die vooruit-
sig,[n] of van gehoorsaamheid[o]
met regverdigheid[p] in die voor-
uitsig? 17 Maar ons dank God
dat julle slawe van die sonde
was, maar uit die hart gehoor-
saam geword het aan dié vorm
van leer waaraan julle oorgegee
is.[q] 18 Ja, aangesien julle van
die sonde vrygemaak is,[r] het
julle slawe[s] van die regverdig-
heid[t] geword. 19 Ek spreek
in menslike terme weens die
swakheid van julle vlees:[u] want
net soos julle julle lede as sla-
we aangebied het[v] vir die on-
reinheid[w] en wetteloosheid met
wetteloosheid in die vooruitsig,
so moet julle nou julle lede as

HFST. 6
a Ro 3:8
b Kol 2:20; 1Pe 2:24
c Heb 10:26
d 1Ko 12:13; Ga 3:27
e Mr 10:38; 1Ko 15:29
f Mr 10:39; 2Ko 4:10; Kol 2:12
g 1Ko 6:14; 2Ti 2:11
h 2Ko 5:17; Ga 6:15; Ef 3:16; Kol 3:10; 1Jo 3:14
i Flp 3:10; Op 2:10
j 1Ko 15:42; 1Ko 15:49; Ef 2:6
k Ga 5:24; Kol 3:5
l Kol 2:11; Kol 3:5
m 2Ko 7:1; Ga 5:1
n Jes 40:2; Lu 23:41; Han 13:39
o 2Ti 2:11
p Han 13:34; 1Ko 15:20
q Op 1:18
r Heb 9:28; 1Pe 3:18
s 1Pe 4:2
t Kol 3:3

Tweede kol.
a 1Pe 2:24
b Ge 4:7; Ps 119:133
c Jak 4:1
d Ro 7:5
e 1Ko 6:15
f Ro 12:1
g 2Ko 10:4; Ef 6:17
h Ro 7:6; Ga 5:18; Kol 2:14
i Joh 1:17
j 1Ko 9:21
k Ro 5:21
l 2Pe 2:19
m Joh 8:34
n Ese 18:4; Ro 6:23
o Heb 5:9
p Ro 1:17
q 2Ti 1:13
r Joh 8:32; Ga 5:1
s 1Ko 7:22
t 1Pe 2:24
u Ro 7:23
v Mt 18:8
w 1Ko 6:15

slawe aanbied vir die regverdig-
heid met heiligheid in die voor-
uitsig.[a] **20** Want toe julle sla-
we van die sonde was,[b] was julle
vry ten opsigte van die regver-
digheid.

**21** Wat was die vrug[c] dan
wat julle toe gehad het? Dinge[d]
waaroor julle julle nou skaam.
Want die uiteinde van dié dinge
is die dood.[e] **22** Nou het julle
egter, omdat julle van die sonde
vrygemaak is maar slawe van
God geword het,[f] julle vrug[g]
ten opsigte van heiligheid, en
die uiteinde—die ewige lewe.[h]
**23** Want die loon wat die son-
de betaal, is die dood,[i] maar die
gawe[j] wat God gee, is die ewige
lewe[k] deur Christus Jesus, ons
Here.[l]

**7** Kan dit wees dat julle nie
weet nie, broers (want ek
praat met dié wat die wet ken),
dat die Wet meester oor 'n
mens is solank hy lewe?[m] **2** 'n
Getroude vrou is byvoorbeeld
deur die wet aan haar man
gebind terwyl hy lewe; maar
as haar man sterf, is sy ont-
hef van die wet van haar man.[n]
**3** Daarom sal sy dan 'n eg-
breekster genoem word as sy
'n ander man s'n word terwyl
haar man lewe.[o] Maar as haar
man sterf, is sy vry van sy wet,
sodat sy nie 'n egbreekster is as
sy 'n ander man s'n word nie.[p]

**4** So is julle ook, my broers,
deur middel van die liggaam
van die Christus gedood ten op-
sigte van die Wet,[q] sodat julle
aan 'n ander kon behoort,[r] aan
die een wat uit die dode opge-
wek is,[s] sodat ons vir God vrug
sou dra.[t] **5** Want toe ons in
ooreenstemming met die vlees
was,[u] was die sondige hartstog-
te wat deur die Wet gewek is,
in ons lede aan die werk sodat
ons vir die dood vrug sou voort-
bring.[a] **6** Maar nou is ons van
die Wet onthef,[b] want ons het
gesterf[c] ten opsigte van dit
waardeur ons vasgehou is, so-
dat ons in 'n nuwe sin slawe[d]
kan wees deur die gees,[e] en nie
in die ou sin deur die geskrewe
kode nie.[f]

**7** Wat sal ons dan sê? Is die
Wet sonde?[g] Mag dit nooit die
geval word nie! Trouens, ek sou
die sonde nie leer ken het[h] as
die Wet nie daar was nie; en ek
sou byvoorbeeld nie hebsug[i] ge-
ken het as die Wet nie gesê het:
"Jy mag nie hebsugtig begeer
nie."[j] **8** Maar die sonde, wat
deur die gebod aanleiding ont-
vang het,[k] het elke soort heb-
sug in my bewerk, want son-
der die wet was die sonde dood.[l]
**9** Trouens, ek was eens lewend
sonder die wet;[m] maar toe die
gebod kom,[n] het die sonde weer
lewend geword, maar het ek
gesterf.[o] **10** En ek het gevind
dat die gebod wat tot die lewe
was,[p] eintlik die dood beteken.[q]
**11** Want die sonde, wat deur
die gebod aanleiding ontvang
het, het my verlei[r] en my daar-
deur doodgemaak. **12** Der-
halwe is die Wet self heilig,[s] en
die gebod is heilig en regverdig[t]
en goed.[u]

**13** Het die goeie dan vir my
die dood geword? Mag dit nooit
gebeur nie! Maar die sonde het
wel, sodat dit uitgewys kon
word as sonde wat vir my die
dood bewerk deur wat goed
is;[v] sodat die sonde baie sondi-
ger kon word deur die gebod.[w]
**14** Want ons weet dat die Wet
geestelik is;[x] maar ek is vlees-
lik, verkoop onder die sonde.[y]
**15** Want wat ek bewerk, weet
ek nie. Want wat ek wil, dit
beoefen ek nie; maar wat ek

**HFST. 6**

a Ro 12:1
b Joh 8:34
c Jer 12:13
d Ga 5:19
e Ro 8:6
f Ro 8:15
g Ga 5:22
h 1Ko 9:25
i Ge 2:17 Ese 18:4
j Ro 3:24
k Mt 25:46 1Pe 1:4
l 1Ti 1:16 1Jo 2:2 Jud 21

**HFST. 7**

m Ro 3:19
n Nu 30:8 1Ko 7:39
o Mt 5:32 Mt 19:9 Mr 10:12 Lu 16:18
p 1Ko 7:9 1Ti 5:14
q Ro 6:14 Ga 2:19 Kol 2:14
r Ps 45:10 2Ko 11:2
s Han 5:30 2Ko 5:15
t Ga 5:22 Kol 1:10
u Ga 5:19

**Tweede kol.**

a Ro 6:21 Jak 1:15
b Ro 10:4 Ef 2:15 Kol 2:14
c Ga 2:19
d Ro 12:11
e 2Ko 3:6
f Ga 3:10 Kol 2:14
g Ro 7:14
h Ro 3:20 Ga 3:19
i Mi 2:2 Han 20:33
j Eks 20:17 De 5:21 Ef 5:3
k Ro 4:15 Ro 5:20
l 1Ko 15:56
m Ro 11:1 Heb 7:10
n Heb 7:11
o 2Ko 3:6
p Le 18:5 Ese 20:11 Lu 10:28
q 2Ko 3:7
r Heb 3:13
s Ps 19:8 Ga 3:21
t Spr 2:9 Ro 10:5
u De 4:8
v 1Ko 15:56
w Ro 5:13
x 1Ko 10:4

y Ps 51:5; Joh 8:34; Ro 6:16.

haat, dit doen ek. **16** As ek
egter doen wat ek nie wil nie,[a]
gee ek toe dat die Wet goed is.[b]
**17** Maar nou is dit nie meer
ek wat dit bewerk nie, maar
die sonde wat in my woon.[c]
**18** Want ek weet dat daar in
my, dit wil sê in my vlees, niks
goeds woon nie;[d] want die ver-
moë om te wil,[e] is by my aan-
wesig, maar die vermoë om
die goeie te bewerk,[f] is nie.
**19** Want die goeie wat ek wil,
doen ek nie,[g] maar die sleg-
te wat ek nie wil nie, dit be-
oefen ek. **20** As ek dan nou
doen wat ek nie wil nie, is dit
nie meer ek wat dit bewerk
nie, maar die sonde wat in my
woon.[h]

**21** Ek vind dus hierdie wet
in my geval: wanneer ek wil
doen wat reg is,[i] is die slegte
by my aanwesig.[j] **22** Ek skep
werklik behae[k] in die wet van
God na die mens[l] wat ek inner-
lik is, **23** maar ek sien in my
lede[m] 'n ander wet, wat stryd
voer[n] teen die wet van my ver-
stand[o] en my wegvoer as gevan-
gene van die wet van die sonde[p]
wat in my lede is. **24** Ellendi-
ge mens wat ek is! Wie sal my
red van die liggaam wat hier-
die dood ondergaan?[q] **25** Aan
God die dank deur middel van
Jesus Christus, ons Here![r] So is
ek self dan met my verstand 'n
slaaf van God se wet,[s] maar met
my vlees van die sonde se wet.[t]

**8** Daarom is daar vir dié wat
in eenheid met Christus Je-
sus is geen veroordeling[u] nie.
**2** Want die wet[v] van daardie
gees[w] wat lewe in eenheid met
Christus Jesus gee,[x] het jou
vrygemaak[y] van die wet van
die sonde en van die dood.[z]
**3** Want aangesien daar 'n on-
vermoë aan die kant van die
Wet was,[a] terwyl dit swak was[b]
deur die vlees, het God, deur sy
eie Seun[a] in die gelykheid van
die sondige vlees[b] en in ver-
band met die sonde te stuur,[c]
die sonde in die vlees veroor-
deel, **4** sodat die regverdige
vereiste van die Wet vervul sou
word[d] in ons wat nie in ooreen-
stemming met die vlees wan-
del nie, maar in ooreenstem-
ming met die gees.[e] **5** Want
dié wat in ooreenstemming met
die vlees is, rig hulle verstan-
de op die dinge van die vlees,[f]
maar dié wat in ooreenstem-
ming met die gees is, op die
dinge van die gees.[g] **6** Want
om die vlees te bedink, beteken
die dood,[h] maar om die gees te
bedink,[i] beteken lewe en vre-
de; **7** want om die vlees te be-
dink, beteken vyandskap[j] met
God, want dit is nie onderwor-
pe[k] aan die wet van God nie,
en dit kan trouens ook nie wees
nie. **8** Daarom kan dié wat in
ooreenstemming met die vlees
is,[l] God nie behaag nie.

**9** Julle is egter nie in oor-
eenstemming met die vlees nie,
maar met die gees,[m] as God
se gees waarlik in julle woon.[n]
Maar as iemand Christus se
gees nie het nie,[o] behoort hy
nie aan hom nie. **10** Maar as
Christus in eenheid met jul-
le is,[p] is die liggaam inderdaad
dood weens die sonde, maar die
gees is lewe[q] weens die regver-
digheid. **11** As die gees van
hom wat Jesus uit die dode op-
gewek het, dan nou in julle
woon, sal hy wat Christus Jesus
uit die dode opgewek[r] het, ook
julle sterflike liggame lewend
maak[s] deur sy gees wat in julle
woon.

**12** Daarom, broers, staan
ons dan nie onder verpligting
teenoor die vlees om in oor-
eenstemming met die vlees te

**HFST. 7**
a Ps 51:3; Lu 18:13
b 1Ti 1:8
c Ge 8:21
d Ge 6:5; Jes 64:6
e Mt 26:41
f Job 14:4
g Jak 4:17
h Pr 7:20
i Ps 34:14; 1Pe 3:11
j Pr 7:29; Jer 17:9; Lu 5:22
k Ps 1:2
l 2Ko 4:16; Ef 3:16; Ef 4:23
m Ro 6:13
n Jak 4:1
o Ga 5:17
p Joh 8:34
q Ro 6:6; Ro 8:10
r Ro 6:17; 1Ko 15:57
s Ps 19:7; Ga 5:18
t Ga 5:17

**HFST. 8**
u Kol 1:22; 1Jo 3:24
v Jak 1:25
w Ga 5:16
x Joh 5:24
y Joh 8:32; Heb 10:14
z Ro 7:9; 2Ko 3:6
a Ro 3:20; Heb 7:11
b Heb 7:18

**Tweede kol.**
a 1Jo 4:9
b Joh 1:14; Ga 4:4; Heb 4:15
c 2Ko 5:21
d Ro 3:31
e Ga 5:16; Ga 5:18
f Joh 3:6; Ga 5:19
g 1Ko 2:15; Ga 5:22
h Ro 6:21; Heb 9:14
i Ga 6:8
j Ps 5:4; Jes 59:2; Kol 1:21; Jak 4:4
k Ro 7:14
l 1Ko 3:3
m Ga 5:25
n 1Ko 3:16
o Ga 4:6
p Joh 15:4; 1Jo 2:6; 1Jo 3:6
q Ga 2:20; 1Pe 4:6
r Han 2:24; 1Ko 6:14
s Ef 2:5

lewe nie;[a] **13** want as julle in
ooreenstemming met die vlees
lewe, sal julle sekerlik sterf;[b]
maar as julle deur die gees die
gebruike van die liggaam dood-
maak,[c] sal julle lewe. **14** Want
almal wat deur God se gees ge-
lei word, dié is God se kinders.[d]
**15** Want julle het nie 'n gees
van slawerny ontvang wat weer
vrees[e] veroorsaak nie, maar jul-
le het 'n gees[f] van aanneming[g]
as kinders ontvang, en deur dié
gees roep ons uit: *"Abba,*[h] Va-
der!" **16** Die gees[i] self getuig[j]
met ons gees[k] dat ons God se
kinders is.[l] **17** As ons dan kin-
ders is, is ons ook erfgename:
ja, erfgename van God, maar
mede-erfgename[m] met Chris-
tus, mits ons saam ly,[n] sodat ons
ook saam verheerlik kan word.[o]

**18** Gevolglik reken ek dat
die lyding[p] van die teenswoor-
dige tyd niks is in vergelyking
met die heerlikheid[q] wat in
ons geopenbaar sal word nie.
**19** Want die skepping[r] wag
met gretige verwagting[s] op die
openbaring van die seuns van
God.[t] **20** Want die skepping is
aan nietigheid onderwerp,[u] nie
uit eie wil nie, maar deur
hom wat dit onderwerp het, op
grond van hoop[v] **21** dat die
skepping[w] self ook van die sla-
werny aan die verderflikheid
vrygemaak[x] sal word en die glo-
rieryke vryheid van die kin-
ders van God sal hê. **22** Want
ons weet dat die hele skep-
ping tot nou toe voortdurend
saam kreun en saam pyn ly.
**23** Nie net dit nie, maar ook
ons wat die eerstelinge[y] het,
naamlik die gees, ja, ons kreun[z]
in onsself, terwyl ons vurig wag
op die aanneming as kinders,[a]
die bevryding van ons liggaam
deur 'n losprys. **24** Want ons
is in hierdie hoop gered;[b] maar
hoop wat gesien word, is nie
hoop nie, want as iemand iets
sien, hoop hy dan daarop?
**25** Maar as ons hoop[a] op wat
ons nie sien nie,[b] bly ons met
volharding[c] daarop wag.

**26** Net so kom ook die gees[d]
ons met ons swakheid te hulp;[e]
want ons weet nie waarvoor
ons moet bid soos ons moet nie,[f]
maar die gees[g] self pleit vir ons
met onuitgesproke kreuninge.
**27** Tog weet hy wat die har-
te deursoek[h] wat die bedoeling
van die gees is,[i] want dit pleit
in ooreenstemming met God vir
heiliges.[j]

**28** En ons weet dat God al
sy werke[k] ten goede laat saam-
werk vir dié wat God liefhet,
dié wat volgens sy voorneme
die geroepenes is;[l] **29** want
dié wat hy eerste erken het,[m]
het hy ook voorbestem[n] om na
die beeld[o] van sy Seun gevorm
te word,[p] sodat hy die eersge-
borene[q] onder baie broers
sou wees.[r] **30** Daarbenewens
is dié wat hy voorbestem het,[s]
diegene wat hy ook geroep het;[t]
en dié wat hy geroep het, is
diegene wat hy ook regverdig
verklaar het.[u] Laastens is dié
wat hy regverdig verklaar het,
diegene wat hy ook verheerlik
het.[v]

**31** Wat sal ons dan van hier-
die dinge sê? As God vir ons
is, wie sal teen ons wees?[w]
**32** Hy wat selfs sy eie Seun
nie gespaar het nie,[x] maar hom
vir ons almal oorgelewer het,[y]
waarom sal hy ons dan nie ook
saam met hom alle ander dinge
goedgunstig gee nie?[z] **33** Wie
sal 'n beskuldiging teen God

**HFST. 8**
a Ga 5:19
b Ro 8:6
c 1Ko 9:27; Ga 5:24; Ga 6:8; Ef 4:22; Kol 3:5
d Joh 1:12; Joh 3:5; Joh 3:8; Heb 2:11
e Heb 2:15
f 1Ko 2:12; 2Ko 1:22; 2Ti 1:7
g Ga 4:5
h Ga 4:6
i Joh 14:17; 1Ko 2:10; Tit 3:6
j 1Jo 5:7
k Han 17:16; Ro 1:9; 1Ko 2:11
l Joh 1:12; Ga 3:26; 1Jo 3:2
m Lu 12:32; Han 26:18; Ga 3:29; Op 21:7
n Flp 1:29; Kol 1:24
o 1Ko 15:53; 2Ti 2:11; Op 3:21
p 1Pe 4:13
q 2Ko 4:17; Flp 3:8
r Kol 1:23; Heb 11:13
s Spr 13:12
t 1Jo 3:2
u Ge 3:19; Ps 51:5; Pr 1:2
v Ge 3:15; Han 24:15
w 1Ti 2:4
x Joh 8:32; 1Ko 15:22; 2Pe 3:13
y Flp 3:11; Op 20:6
z 2Ko 5:2
a Ga 4:5; Ef 1:5; 1Pe 1:4; Op 21:7
b Ef 1:13

**Tweede kol.**
a 1Pe 1:3
b 2Ko 5:7
c Ro 5:4
d Joh 15:26; 1Ko 2:12
e Joh 14:16; Joh 16:7
f Lu 11:1
g 2Sa 23:2
h Jer 11:20; Han 1:24
i Joh 6:63; Joh 14:17; 1Ko 2:10; 1Ko 2:14; 2Ti 3:16
j 1Pe 1:15
k Ps 145:17; Joh 9:3

l Ro 9:11; Ef 1:11; 2Ti 1:9; m 1Ko 15:23; n Ge 3:15; o Joh 17:23; Ro 6:5; 1Ko 15:49; Ef 4:24; p Joh 13:15; q Ps 89:27; Heb 1:6; r Mt 25:40; Heb 2:11; 1Jo 3:2; s Ef 1:5; t Flp 3:14; 1Te 2:12; Heb 3:1; u Ro 5:18; 1Ko 6:11; Tit 3:7; v 2Ko 3:7; 2Ko 3:18; 2Ko 4:6; w Ps 118:6; 1Jo 4:4; x Joh 3:16; y Ro 3:25; 2Ko 5:21; 1Jo 4:9; z Ef 2:4.

se uitverkorenes inbring?[a] Dit
is God wat hulle regverdig ver-
klaar.[b] **34** Wie is dit wat sal
veroordeel? Christus Jesus is
die een wat gesterf het, ja, meer
as dit, die een wat uit die dode
opgewek is, wat aan die regter-
hand van God is,[c] wat ook vir
ons pleit.[d]

**35** Wie sal ons van die liefde
van die Christus skei?[e] Sal ver-
drukking of benoudheid of ver-
volging of honger of naaktheid
of gevaar of swaard?[f] **36** Net
soos daar geskrywe staan: "Om
u ontwil word ons die hele dag
deur doodgemaak, ons is as
slagskape gereken."[g] **37** In-
teendeel, in al hierdie dinge is
ons heeltemal seëvierend[h] deur
hom wat ons liefgehad het.
**38** Want ek is daarvan oortuig
dat nie die dood of die lewe[i] of
engele[j] of regerings[k] of teens-
woordige dinge of toekomstige
dinge of magte[l] **39** of hoogte
of diepte of enige ander skep-
ping ons sal kan skei van God se
liefde wat in Christus Jesus, ons
Here, is nie.[m]

**9** Ek vertel die waarheid[n] in
Christus; ek lieg nie,[o] aan-
gesien my gewete saam met my
getuig in heilige gees, **2** dat
ek groot droefheid en onop-
houdelike pyn in my hart het.[p]
**3** Want ek sou kon wens dat ek
self as die vervloekte van die
Christus geskei was ten behoe-
we van my broers,[q] my familie-
lede na die vlees,[r] **4** wat, as
sodanig, Israeliete is,[s] aan wie
die aanneming as kinders[t] en
die heerlikheid[u] en die verbon-
de[v] en die uitvaardiging van die
Wet[w] en die heilige diens[x] en
die beloftes behoort;[y] **5** aan
wie die voorvaders behoort[z] en
uit wie die Christus na die vlees
gespruit het:[a] God,[b] wat oor al-
les is, mag hy tot in ewigheid
geloof word. Amen.

**6** Dit is egter nie asof die
woord van God gefaal het nie.[a]
Want nie almal wat uit Israel
spruit, is werklik "Israel" nie.[b]
**7** En ook nie omdat hulle Abra-
ham se saad is, is hulle al-
mal kinders nie,[c] maar: "Wat
'jou saad' genoem sal word, sal
deur Isak wees."[d] **8** Dit wil sê,
die kinders in die vlees[e] is nie
werklik die kinders van God
nie,[f] maar die kinders deur die
belofte[g] word as die saad ge-
reken. **9** Want die woord van
die belofte het soos volg ge-
lui: "Op dié tyd sal ek kom, en
Sara sal 'n seun hê."[h] **10** En
nie daardie geval alleen nie,
maar ook toe Rebekka swan-
ger geword het met 'n tweeling[i]
by die een man, Isak, ons voor-
vader: **11** want toe hulle nog
nie gebore was of enigiets goeds
of veragteliks beoefen het nie,[j]
is daar, sodat die voorneme van
God met betrekking tot die ver-
kiesing nie van werke sou bly
afhang nie maar van die Een
wat roep,[k] **12** vir haar gesê:
"Die oudste sal die slaaf van die
jongste wees."[l] **13** Net soos
daar geskrywe staan: "Ek het
Jakob liefgehad, maar Esau het
ek gehaat."[m]

**14** Wat sal ons dan sê? Is
daar onregverdigheid by God?[n]
Mag dit nooit die geval word
nie! **15** Want hy sê vir Mo-
ses: "Ek sal barmhartig wees
oor wie ek barmhartig is, en ek
sal medelye betoon met wie ek
medelye betoon."[o] **16** So hang
dit dan nie af van die een wat
wil of van die een wat hardloop
nie, maar van God,[p] wat barm-
hartig is.[q] **17** Want die Skrif-
gedeelte sê vir Farao: "Juis
om dié rede het ek jou laat
voortbestaan, dat ek in verband

**HFST. 8**
a Jes 50:8; Kol 1:22
b Han 13:39; Heb 10:17
c Ps 110:1
d Heb 7:25; 1Jo 2:1
e Joh 15:10
f 2Ko 4:9
g Ps 44:22
h Joh 16:33
i 1Ko 3:22
j 1Pe 3:22
k Ef 1:21
l Ef 6:12
m 2Te 3:5

**HFST. 9**
n 1Ti 2:7
o Ga 1:20
p Ro 10:1
q Eks 32:32
r Ro 16:7; Ro 16:21
s 2Ko 11:22; Flp 3:5
t Eks 4:22
u De 26:19
v Han 3:25; Han 7:8
w Eks 24:12
x Han 26:7; Heb 9:1
y Han 13:32; Ro 4:13
z De 10:15
a Mt 1:17
b Ps 103:19

**Tweede kol.**
a Nu 23:19
b Mt 23:38; Ro 2:28; Op 2:9
c Joh 8:39; Ga 3:29
d Ge 21:12; Heb 11:18
e Jes 57:4; Ga 4:23
f Joh 1:13
g Jes 54:1; Ga 4:28
h Ge 18:14
i Ge 25:24
j Ps 139:16
k Ro 8:28; Heb 5:4
l Ge 25:23
m Mal 1:3; Heb 12:16
n De 32:4; 2Kr 19:6; Job 34:10
o Eks 33:19
p Ps 115:3
q De 4:31; Tit 3:5

met jou my krag kan toon, en
dat my naam oor die hele aar-
de bekend gemaak kan word.”[a]
**18** So is hy dan barmhartig oor
wie hy wil,[b] maar hy laat hard-
koppig word wie hy wil.[c]

**19** Jy sal dus vir my sê:
“Waarom vind hy dan nog fout?
Want wie het sy uitdruklike
wil weerstaan?”[d] **20** O mens,[e]
wie is jy dan tog om God terug
te antwoord?[f] Sal wat gevorm
is, vir hom wat dit gevorm het,
sê: “Waarom het jy my so ge-
maak?”[g] **21** Wat? Het die pot-
tebakker[h] nie die gesag oor die
klei om uit dieselfde klomp een
voorwerp vir ’n eervolle ge-
bruik en ’n ander vir ’n on-
eervolle gebruik te maak nie?[i]
**22** As God dan nou, hoewel hy
sy gramskap wil toon en sy
krag bekend wil maak, voor-
werpe van gramskap, wat vir
vernietiging geskik gemaak is,[j]
met groot lankmoedigheid ge-
duld het, **23** sodat hy die ryk-
dom[k] van sy heerlikheid oor
voorwerpe[l] van barmhartig-
heid bekend kon maak, wat
hy vooraf berei het vir heer-
likheid,[m] **24** naamlik ons, wat
hy nie net uit die Jode nie maar
ook uit die nasies geroep het,[n]
wat daarvan? **25** Dit is soos
hy ook in Hose′a sê: “Dié wat nie
my volk is nie,[o] sal ek ‘my volk’
noem, en haar wat nie bemind
was nie, ‘beminde’;[p] **26** en op
die plek waar daar vir hulle ge-
sê is: ‘Julle is nie my volk nie’,
daar sal hulle ‘kinders van die
lewende God’ genoem word.”[q]

**27** En Jesaja roep oor Israel
uit: “Al is die getal van die kin-
ders van Israel soos die sand
van die see,[r] is dit die oorblyfsel
wat gered sal word.[s] **28** Want
Jehovah sal op die aarde ’n afre-
kening hou, wat hy tot ’n ein-
de sal bring en sal verkort.”[t]
**29** Ook net soos Jesaja tevore
gesê het: “As Jehovah van die
leërs[a] nie vir ons ’n saad gelaat
het nie, sou ons net soos So-
dom geword het en sou ons net
soos Gomor′ra gemaak gewees
het.”[b]

**30** Wat sal ons dan sê? Dat
mense van die nasies, hoewel
hulle nie regverdigheid nage-
streef het nie, regverdigheid
verkry het,[c] die regverdigheid
wat uit geloof voortspruit;[d]
**31** maar Israel het, hoewel hy
’n wet van regverdigheid nage-
streef het, die wet nie bereik
nie.[e] **32** Waarom? Omdat hy
dit nie deur geloof nagestreef
het nie, maar deur werke.[f] Hul-
le het oor die “steen van strui-
keling” gestruikel;[g] **33** soos
daar geskrywe staan: “Kyk! Ek
lê in Sion ’n steen[h] van strui-
keling en ’n rots van aanstoot,[i]
maar hy wat sy geloof daarop
grond, sal nie teleurgestel word
nie.”[j]

**10** Broers, die welwillend-
heid van my hart en my
smeking tot God vir hulle is in-
derdaad met die oog op hul-
le redding.[k] **2** Want ek getuig
van hulle dat hulle ’n ywer[l]
vir God het; maar nie oor-
eenkomstig juiste kennis[m] nie;
**3** want omdat hulle die regver-
digheid van God[n] nie ken nie
maar hulle eie tot stand probeer
bring,[o] het hulle hulle nie aan
die regverdigheid van God on-
derwerp nie.[p] **4** Want Chris-
tus is die einde van die Wet,[q] so-
dat elkeen wat geloof beoefen,
regverdigheid kan verkry.[r]

**5** Want Moses skryf dat die
mens wat die regverdigheid van
die Wet gedoen het, daardeur
sal lewe.[s] **6** Maar die regver-
digheid wat uit geloof voort-
spruit, spreek soos volg: “Moe-
nie in jou hart sê nie:[t] ‘Wie sal

**HFST. 9**
a Eks 9:16
b Eks 20:6
c Eks 10:1; Eks 14:4
d 2Kr 20:6; Job 23:13; Da 4:35
e Ro 2:1
f Job 40:2
g Jes 29:16; Jes 45:9
h Jes 64:8; Jer 18:6
i 2Ti 2:20
j 1Te 5:9
k Kol 1:27
l Han 9:15
m Flp 4:19
n Ro 11:13; Ef 3:6
o Ef 2:12
p Ho 2:23; Mt 21:43; 1Pe 2:10
q Ho 1:10; Ga 3:26
r Ge 22:17; 1Kn 4:20
s Jes 10:22; Ro 11:5
t Jes 10:23

**Tweede kol.**
a Ps 103:21
b Jes 1:9; Jer 50:40
c Ro 10:20
d Ro 1:17; Ro 4:11; Flp 3:9
e Ga 2:21; Ga 5:4
f Ga 2:16
g Lu 20:18; 1Ko 1:23
h Ps 118:22; Mt 21:42; 1Pe 2:6
i Jes 8:14
j Jes 28:16; Jes 49:23

**HFST. 10**
k Ro 9:3
l Mt 7:22; Han 21:20; Ga 1:14; Flp 3:6
m Ef 1:17
n Ro 1:17
o Lu 16:15; Lu 18:9; Flp 3:9
p Mt 15:6; Lu 7:30
q Mt 5:17; Ro 7:6; Ef 2:15; Kol 2:14
r Han 13:39; Ga 3:24
s Le 18:5; Ne 9:29; Ese 20:11; Ga 3:12
t De 9:4

in die hemel opvaar?’[a] dit is,
om Christus[b] af te bring; **7** of:
‘Wie sal in die afgrond neer-
daal?’[c] dit is, om Christus uit
die dode op te bring.”[d] **8** Maar
wat sê dit? “Die woord is naby
jou, in jou eie mond en in jou
eie hart”;[e] dit is die “woord”[f]
van geloof, wat ons verkondig.[g]
**9** Want as jy daardie ‘woord in
jou eie mond’, dat Jesus Here
is,[h] in die openbaar bekend
maak[i] en in jou hart geloof
beoefen dat God hom uit die
dode opgewek het,[j] sal jy gered
word.[k] **10** Want met die hart[l]
beoefen ’n mens geloof tot reg-
verdigheid, maar met die mond
doen ’n mens openbare bekend-
making[m] tot redding.

**11** Want die Skrifgedeelte
sê: “Niemand wat sy geloof op
hom grond,[n] sal teleurgestel
word nie.”[o] **12** Want daar is
geen onderskeid tussen Jood
en Griek nie,[p] want oor al-
mal is daar dieselfde Here, wat
ryk is[q] teenoor almal wat
hom aanroep. **13** Want “elk-
een wat die naam van Jeho-
vah aanroep, sal gered word”.[r]
**14** Maar hoe sal hulle hom aan-
roep in wie hulle nie geloof
gestel het nie?[s] En hoe sal hul-
le geloof stel in hom van wie
hulle nie gehoor het nie? En
hoe sal hulle hoor sonder dat
iemand preek?[t] **15** En hoe sal
hulle preek tensy hulle uitge-
stuur is?[u] Net soos daar geskry-
we staan: “Hoe lieflik is die voe-
te van dié wat goeie nuus van
goeie dinge bekend maak!”[v]

**16** Tog het hulle nie almal
die goeie nuus gehoorsaam
nie.[w] Want Jesaja sê: “Jehovah,
wie het geloof gestel in wat
by ons gehoor is?”[x] **17** Geloof
volg dus op wat gehoor word.[y]
En wat gehoor word, is deur die
woord oor Christus.[z] **18** Nie-
temin vra ek: Het hulle miskien
nie gehoor nie? Kyk, in werk-
likheid ‘het hulle geluid oor die
hele aarde uitgegaan[a] en hulle
woorde tot aan die eindes van
die bewoonde aarde’.[b] **19** Nie-
temin vra ek: Het Israel mis-
kien nie geweet nie?[c] Eerstens
sê Moses: “Ek sal julle tot jaloe-
sie opwek deur wat nie ’n na-
sie is nie; ek sal julle tot hewi-
ge toorn opwek deur ’n dwase
nasie.”[d] **20** Maar Jesaja raak
baie vrymoedig en sê: “Ek is ge-
vind deur dié wat my nie ge-
soek het nie;[e] ek het openbaar
geword aan dié wat nie na my
gevra het nie.”[f] **21** Maar wat
Israel betref, sê hy: “Die hele
dag deur het ek my hande uit-
gestrek na ’n volk wat onge-
hoorsaam is[g] en teëpraat.”[h]

**11** Ek vra dan: God het sy
volk tog nie verwerp nie,
of hoe?[i] Mag dit nooit gebeur
nie! Want ek is ook ’n Israeliet,[j]
van die saad van Abraham, uit
die stam Benjamin.[k] **2** God
het sy volk, wat hy eerste erken
het, nie verwerp nie.[l] Weet jul-
le dan nie wat die Skrifgedeel-
te in verband met Eli′a sê wan-
neer hy Israel by God aankla
nie?[m] **3** “Jehovah, hulle het u
profete doodgemaak, hulle het
u altare uitgegrawe, en ek al-
leen het oorgebly, en hulle soek
my siel.”[n] **4** Maar wat sê die
goddelike verklaring[o] vir hom?
“Ek het seweduisend manne vir
myself laat oorbly, manne wat
nie die knie voor Baäl gebuig
het nie.”[p] **5** So het daar dan
ook in die teenswoordige tyd ’n
oorblyfsel[q] verskyn ooreen-
komstig ’n verkiesing[r] weens
onverdiende goedhartigheid.
**6** As dit dan nou deur onver-
diende goedhartigheid is,[s] is dit

HFST. 10
a De 30:12
b Heb 8:1
c De 30:13; Op 20:1
d Mt 27:64
e De 30:14; Joh 6:45; Han 16:14
f Lu 8:15; 2Ko 5:19
g 2Ti 4:2
h Han 16:31
i 1Ko 9:16
j Han 3:15; Ro 4:24; 1Pe 1:21
k Mt 10:32
l 1Kr 28:9; 2Te 3:5
m 2Ko 4:13; Heb 13:15
n Jer 17:7
o Jes 28:16; Ro 9:33
p Han 15:9; Ga 3:28; Ef 2:14
q 1Ti 6:17
r Jl 2:32; Sef 3:9; Han 2:21
s Heb 11:6
t Lu 19:40
u Mt 28:20
v Jes 52:7; Na 1:15; Ef 6:15
w 2Te 1:8; Heb 4:2; 1Pe 4:17
x Jes 53:1; Joh 12:38
y Joh 4:42; Joh 17:20
z Ga 3:2

Tweede kol.
a Mt 24:14; Han 1:8
b Ps 19:4
c Mt 10:5; Han 2:14
d De 32:21
e Ro 9:30
f Jes 65:1
g Jer 11:8; Sag 7:12
h Jes 65:2

HFST. 11
i 1Sa 12:22; Jer 31:37; Am 9:8
j Han 22:3; 2Ko 11:22
k Flp 3:5
l Eks 19:5; Ps 94:14
m 1Kn 19:10
n 1Kn 19:2; 1Kn 19:14
o Han 7:38
p 1Kn 19:18
q Jer 3:14; Ro 9:27
r Ro 9:11

s Ef 1:7; Ef 2:8.

nie meer weens werke nie;[a] anders is die onverdiende goedhartigheid nie meer onverdiende goedhartigheid nie.[b]

**7** Wat dan? Juis wat Israel ernstig soek, het hy nie verkry nie,[c] maar die uitverkorenes[d] het dit verkry. Die res se gevoeligheid is afgestomp;[e] **8** net soos daar geskrywe staan: "God het hulle 'n gees van diepe slaap gegee,[f] oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie, tot vandag toe."[g] **9** Ook sê Dawid: "Laat hulle tafel vir hulle 'n strik en 'n val en 'n struikelblok en 'n vergelding word;[h] **10** laat hulle oë verduisterd word om nie te sien nie, en buig altyd hulle rug krom."[i]

**11** Daarom vra ek: Het hulle gestruikel sodat hulle heeltemal geval het?[j] Mag dit nooit gebeur nie! Maar deur hulle misstap[k] is daar redding vir mense van die nasies,[l] om hulle tot jaloesie op te wek.[m] **12** As hulle misstap dan nou rykdom vir die wêreld beteken en hulle afname rykdom vir mense van die nasies,[n] hoeveel te meer sal hulle volle getal[o] dit tog beteken!

**13** Ek praat dan nou met julle wat mense van die nasies is. Aangesien ek in werklikheid 'n apostel[p] vir die nasies is,[q] verheerlik[r] ek my bediening,[s] **14** as ek tog maar op die een of ander wyse dié wat my eie vlees is, tot jaloesie kan opwek en party uit hulle[t] kan red.[u] **15** Want as hulle verwerping[v] versoening[w] vir die wêreld beteken, wat sal hulle aanneming dan anders beteken as lewe uit die dode? **16** En as die deel wat as eerstelinge[x] geneem word, heilig is, is die deeg ook; en as die wortel heilig is,[y] is die takke ook.

HFST. 11

a Ga 2:16 Ef 2:9
b Ga 5:4
c Joh 1:11 Ro 9:31
d Joh 1:12 Ro 11:28
e 2Ko 3:14
f Jes 29:10
g De 29:4 Jer 5:21
h Ps 69:22
i Ps 69:23
j 1Ko 10:8 Heb 4:11
k Ga 6:1
l Ro 11:19
m De 32:21 Ro 10:19
n Ro 9:23 Kol 1:27
o Ro 11:25 Op 7:4
p 1Ko 9:1 1Ko 15:9
q Han 9:15 Ga 1:16 Ef 3:8
r Flp 1:12 2Ti 4:5
s Han 28:31 Kol 1:23 1Ti 1:12
t Ro 9:3
u 1Ko 9:22 1Ti 4:16
v Mt 21:43 Heb 8:13
w Ro 5:11 2Ko 5:19
x Nu 15:21 Ne 10:37 Ese 44:30
y Le 11:44 1Pe 1:16

Tweede kol.

a Ef 2:11 Ef 2:14
b Jer 11:16
c Rig 9:9
d 1Ko 10:12
e Jes 37:31
f Jes 60:21 Heb 2:11
g Joh 15:6
h Han 15:14
i Mt 21:43 Heb 3:19 Heb 11:6
j Ga 3:11 Ef 2:8
k Ro 12:16
l Flp 2:12
m Joh 15:2
n Eks 19:4 Lu 6:35 Ro 2:4
o Jud 5
p Mt 23:38
q 1Ko 15:2
r Mt 25:30 Mt 25:46
s Han 2:38
t Ro 11:17
u 2Ko 3:16
v 1Ko 4:1 Ef 3:5

**17** As party van die takke egter afgebreek is, maar jy, hoewel 'n wilde olyf, tussen hulle geënt[a] is en 'n deelgenoot van die olyf[b] se wortel van vetheid[c] geword het, **18** moet jy jou nie oor die takke verheug nie. As jy jou egter oor hulle verheug[d]—dit is nie jy wat die wortel dra nie,[e] maar die wortel vir jou.[f] **19** Jy sal dan sê: "Takke is afgebreek[g] sodat ek geënt kon word."[h] **20** Reg! Weens hulle gebrek aan geloof[i] is hulle afgebreek, maar jy staan deur geloof.[j] Hou op om hoë idees te koester,[k] maar vrees.[l] **21** Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal hy jou ook nie spaar nie.[m] **22** Let dan op God se goedhartigheid[n] en strengheid.[o] Strengheid teenoor dié wat geval het,[p] maar God se goedhartigheid teenoor jou, mits jy in sy goedhartigheid bly;[q] anders sal jy ook afgekap word.[r] **23** Ook hulle sal, as hulle nie in hulle gebrek aan geloof bly nie, geënt word;[s] want God kan hulle weer ent. **24** Want as jy uitgesny is uit die olyfboom wat van nature wild is en teen die natuur op die mak olyfboom geënt is,[t] hoeveel te meer sal dié wat natuurlike takke is, dan op hulle eie olyfboom geënt word![u]

**25** Want ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees omtrent hierdie heilige geheim[v] nie, broers, sodat julle nie in julle eie oë verstandig sal wees nie: dat 'n afstomping van gevoeligheid[w] gedeeltelik oor Israel gekom het totdat die volle getal[x] mense van die nasies ingekom het,[y] **26** en op hierdie manier sal die hele Israel[z] gered word. Net soos daar geskrywe staan:

w Ro 11:7; 2Ko 3:14; x Ro 11:12; Op 7:4; y Op 7:3; z Ro 2:29; Ro 9:6; Ga 3:29; Ga 6:16.

“Die verlosser sal uit Sion kom[a]
en goddelose gebruike van Ja-
kob afwend.[b] **27** En dit is van
my kant die verbond met hul-
le,[c] wanneer ek hulle sondes
wegneem.”[d] **28** Met betrek-
king tot die goeie nuus is hulle
weliswaar vyande ter wille van
julle,[e] maar met betrekking tot
God se verkiesing is hulle ge-
liefdes ter wille van hulle voor-
vaders.[f] **29** Want die gawes
en die roeping van God is nie
dinge waaroor hy sal spyt voel
nie.[g] **30** Want net soos jul-
le eens aan God ongehoorsaam
was,[h] maar nou weens hulle on-
gehoorsaamheid[i] barmhartig-
heid bewys is,[j] **31** so was ook
hulle nou ongehoorsaam, wat
vir julle barmhartigheid tot ge-
volg gehad het,[k] sodat ook hulle
nou barmhartigheid bewys kan
word. **32** Want God het hul-
le almal saam in ongehoorsaam-
heid opgesluit,[l] sodat hy aan
hulle almal barmhartigheid kon
bewys.[m]

**33** O die diepte van God se
rykdom[n] en wysheid[o] en ken-
nis![p] Hoe ondeurgrondelik is
sy oordele[q] en hoe onnaspeur-
lik sy weë! **34** Want “wie het
Jehovah se denke leer ken,[r]
of wie het sy raadgewer ge-
word?”[s] **35** Of: “Wie het eers
iets vir hom gegee, sodat hy
daarvoor vergoed moet word?”[t]
**36** Want uit hom en deur hom
en vir hom is alles.[u] Aan hom
die heerlikheid tot in ewig-
heid.[v] Amen.

**12** Gevolglik versoek ek jul-
le dringend op grond van
die medelye van God, broers,
om julle liggaam[w] aan te bied
as ’n offerande[x] wat lewend,[y]
heilig[z] en vir God aanneem-
lik is,[a] ’n heilige diens[b] met jul-
le denkvermoë.[c] **2** En moenie
langer na hierdie stelsel van
dinge gevorm word nie,[a] maar
word verander deur julle ver-
stand te hervorm,[b] dat julle kan
seker maak[c] wat die goeie en
aanneemlike en volmaakte wil[d]
van God is.

**3** Want deur die onverdiende
goedhartigheid wat aan my ge-
gee is, sê ek vir elkeen daar on-
der julle om nie meer van hom-
self te dink as wat dit nodig is
om te dink nie,[e] maar om só te
dink dat hy ’n gesonde verstand
het,[f] elkeen na die maat[g] van
geloof[h] wat God aan hom toebe-
deel het. **4** Want net soos ons
in een liggaam baie lede het,[i]
maar die lede nie almal die-
selfde funksie het nie, **5** so is
ons, hoewel baie, een liggaam[j]
in eenheid met Christus, maar
lede wat afsonderlik aan me-
kaar behoort.[k] **6** Aangesien
ons dan gawes het wat verskil[l]
ooreenkomstig die onverdiende
goedhartigheid[m] wat aan ons
gegee is, of dit nou profesie is,
laat ons profeteer ooreenkom-
stig die geloof wat aan ons toe-
gemeet is; **7** of ’n bediening,
laat ons ons toelê op hierdie be-
diening;[n] of hy wat leer,[o] laat
hy hom toelê op sy onderrig-
ting;[p] **8** of hy wat vermaan,
laat hy hom toelê op sy verma-
ning;[q] hy wat uitdeel, laat hy
dit doen met milddadigheid;[r] hy
wat die leiding neem,[s] laat hy
dit doen in alle erns; hy wat
barmhartigheid bewys,[t] laat hy
dit doen met blymoedigheid.

**9** Laat julle liefde[u] sonder
huigelary wees.[v] Verafsku wat
goddeloos is,[w] hou vas aan wat
goed is.[x] **10** In broederliefde[y]
moet julle tere geneentheid
vir mekaar hê. Neem die lei-

**HFST. 11**
a Ps 14:7
b Jes 59:20
c Jes 59:21
d Jes 27:9
Jer 31:33
Heb 8:8
e Heb 4:6
f De 10:15
g Nu 23:19
h Ef 2:2
Ef 2:12
i Han 7:51
Heb 3:8
j Han 15:9
k Kol 1:22
l Ro 3:9
m 1Ti 1:16
1Ti 2:4
Heb 4:16
n Ro 2:4
Ro 9:23
o Spr 2:6
Spr 3:19
p Ps 139:6
q Ps 36:6
r 1Ko 2:16
s Jes 40:13
Da 4:35
t Job 41:11
u 1Ko 8:6
v Ga 1:5
Op 4:11

**HFST. 12**
w Ps 110:3
1Ko 6:20
x Heb 13:13
y Ro 6:13
z 2Ko 7:1
1Pe 1:15
a Le 22:19
b Flp 3:3
Heb 9:14
c 2Ti 1:7

**Tweede kol.**
a 1Pe 1:14
b Ro 7:25
Ef 4:23
c 1Ti 4:15
d 1Te 4:3
Op 4:11
e Spr 16:18
1Ko 4:6
Ga 6:3
Ef 4:2
1Pe 5:5
f Tit 2:6
1Pe 4:7
g Ef 4:7
h Ef 2:8
i 1Ko 12:12
j Kol 3:15
k 1Ko 12:25
Ef 4:25
l 1Ko 12:4
Ef 3:7
m 1Pe 4:10
n 1Pe 4:11
o Ga 6:6
p 1Ti 5:17
q 2Ti 4:2
r De 15:11
Spr 11:25
2Ko 8:2
s 1Te 5:12
1Pe 5:2

**t** Ef 4:32; **u** 1Ko 13:4; **v** 1Ti 1:5; Jak 3:17; 1Pe 1:22; **w** Ps 97:10; Spr 8:13; **x** Ps 34:14; Heb 1:9; **y** 1Te 4:9.

ding in eerbetoning[a] aan me-
kaar. **11** Moenie traag wees
in julle bedrywighede nie.[b]
Gloei van die gees.[c] Dien Jeho-
vah as slawe.[d] **12** Verbly jul-
le in die hoop.[e] Volhard onder
verdrukking.[f] Hou vol met ge-
bed.[g] **13** Deel met die heiliges
na gelang van hulle behoeftes.[h]
Volg die weg van gasvryheid.[i]
**14** Hou aan om dié te seën wat
julle vervolg;[j] seën[k] en moe-
nie vervloek[l] nie. **15** Wees bly
saam met mense wat bly is;[m]
huil saam met mense wat huil.
**16** Julle moet dieselfde gesind-
heid teenoor ander hê as teen-
oor julleself;[n] moenie hoë dinge
bedink nie,[o] maar word saam
met die nederige dinge gelei.[p]
Moenie in julle eie oë verstan-
dig word nie.[q]

**17** Moet niemand kwaad vir
kwaad[r] vergeld nie. Verskaf
goeie dinge voor die oë van
alle mense. **18** Wees, indien
moontlik, sover dit van jul-
le afhang, vreedsaam[s] teenoor
alle mense. **19** Moet julle nie
wreek nie,[t] geliefdes, maar gee
plek vir die gramskap;[u] want
daar staan geskrywe: "Die
wraak is myne; ek sal vergeld,
sê Jehovah."[v] **20** Maar "as jou
vyand honger is, gee hom iets
om te eet; as hy dors is, gee hom
iets om te drink;[w] want deur dit
te doen, sal jy vurige kole op sy
hoof hoop".[x] **21** Moet jou nie
deur die kwaad laat oorwin nie,
maar hou aan om die kwaad
met die goeie te oorwin.[y]

**13** Laat elke siel onderda-
nig[z] wees aan die hoër
owerhede,[a] want daar is geen
gesag[b] behalwe deur God nie;[c]
die bestaande owerhede is deur
God[d] in hulle relatiewe[e] po-
sisies geplaas. **2** Daarom het
hy wat die owerheid teëstaan,
teen die reëling van God stel-
ling ingeneem; dié wat daar-
teen stelling ingeneem het, sal
'n oordeel oor hulle ontvang.[a]
**3** Want dié wat heers, is nie
'n voorwerp van vrees vir die
goeie daad nie, maar vir die
slegte.[b] Wil jy dan geen vrees
vir die owerheid hê nie? Hou
aan om goed te doen,[c] en jy sal
lof van hom ontvang; **4** want
hy is God se dienaar vir jou, tot
jou beswil.[d] Maar as jy doen wat
sleg is,[e] moet jy vrees: want dit
is nie verniet dat hy die swaard
dra nie; want hy is God se die-
naar, 'n wreker[f] om gramskap
te bring oor die een wat beoefen
wat sleg is.

**5** Daar is dus dwingende
rede vir julle om onderdanig te
wees, nie net weens die gram-
skap nie, maar ook weens julle
gewete.[g] **6** Want daarom be-
taal julle ook belastings; want
hulle is God se openbare die-
naars[h] wat voortdurend juis
met dié doel dien. **7** Gee aan
almal wat hulle toekom: aan
hom wat die belasting verlang,
die belasting;[i] aan hom wat die
skatting verlang, die skatting;
aan hom wat vrees verlang, sul-
ke vrees;[j] aan hom wat eer ver-
lang, sulke eer.[k]

**8** Julle moet niemand enig-
iets verskuldig wees nie,[l] behal-
we om mekaar lief te hê;[m] want
hy wat sy medemens liefhet,
het die wet vervul.[n] **9** Want
die wetsbepalings: "Jy mag nie
egbreuk pleeg nie,[o] Jy mag
nie moord pleeg nie,[p] Jy mag
nie steel nie,[q] Jy mag nie heb-
sugtig begeer nie",[r] en wat-
ter ander gebod daar ook al
is, word in hierdie woord saam-
gevat, naamlik: "Jy moet jou

**HFST. 12**
a Flp 2:3
b Spr 13:4
c Han 18:25
d Ro 6:22
e 1Te 1:3
f Han 14:22
g Flp 4:6; 1Te 5:17
h Spr 3:27; 1Jo 3:17
i 1Pe 4:9; 3Jo 8
j Mt 5:44
k Lu 6:28; 1Ko 4:12
l Jak 3:9
m Lu 1:58
n Mt 22:39; 1Pe 3:8
o Mr 10:42; Lu 22:24
p Lu 14:10; Joh 13:14; Ef 4:2; Flp 2:3
q Job 37:24; Spr 3:7; Jak 3:13
r 1Te 5:15; 1Pe 2:23; 1Pe 3:9
s 2Ti 2:24; Heb 12:14; Jak 3:18
t Heb 10:30
u Mt 5:39
v Le 19:18; De 32:35; Ps 99:8; Na 1:2; Heb 10:30
w Spr 25:21
x Spr 25:22
y Eks 23:4; Mt 5:44; Lu 6:27

**HFST. 13**
z Tit 3:1
a 1Pe 2:13
b Lu 4:6; Op 13:4
c Joh 19:11
d De 32:8; Han 17:26
e Mt 22:21; Han 5:29; 1Ko 11:3

**Tweede kol.**
a Pr 8:4
b 1Pe 2:14
c 1Pe 3:13
d Heb 13:21
e Ps 34:16
f Jes 10:5; Jes 45:1
g 1Pe 2:19; 1Pe 3:16
h Ro 15:27
i Mt 22:21; Mr 12:17; Lu 20:25
j Spr 24:21
k 1Pe 2:13; 1Pe 2:17
l Ps 37:21

**m** Kol 3:14; 1Ti 1:5; 1Jo 4:11; **n** Ga 5:14; Jak 2:8; **o** Eks 20:14; Mal 3:5; Mt 5:28; Mt 19:18; 1Ko 6:9; **p** Ge 9:6; De 5:17; Spr 6:17; **q** Eks 20:15; **r** Eks 20:17.

naaste liefhê soos jouself.”[a] **10** Die liefde[b] doen die naaste geen kwaad aan nie;[c] daarom is die liefde die vervulling van die wet.[d]

**11** Doen dit ook omdat julle die tyd ken, dat dit reeds die uur is vir julle om uit die slaap te ontwaak,[e] want nou is ons redding nader as toe ons gelowiges geword het.[f] **12** Die nag het ver gevorder; die dag[g] het naby gekom. Laat ons dus die werke wat tot die duisternis behoort, aflê,[h] en laat ons die wapens[i] van die lig aangord. **13** Laat ons welvoeglik wandel,[j] soos in die dag, nie in swelgerye en dronkenskap[k] nie, nie in ongeoorloofde gemeenskap en losbandige gedrag[l] nie, nie in twis[m] en jaloesie nie. **14** Maar beklee julle met die Here Jesus Christus,[n] en moenie vooruitbeplan vir die begeertes van die vlees nie.[o]

**14** Verwelkom die persoon wat swakhede[p] in sy geloof het, maar nie om beslissings oor innerlike[q] twyfelvrae te neem nie. **2** Een persoon het geloof om alles te eet,[r] maar die persoon wat swak is, eet groente. **3** Laat die een wat eet, nie neersien op die een wat nie eet nie,[s] en laat die een wat nie eet nie, die een wat eet, nie oordeel nie, want God het hom verwelkom. **4** Wie is jy om ’n ander se huiskneg te oordeel?[t] Hy staan of val ten opsigte van sy eie heer.[u] Trouens, hy sal staande gehou word, want Jehovah kan hom staande hou.[v]

**5** Die een persoon oordeel dat die een dag bo die ander is;[w] ’n ander oordeel dat die een dag gelyk aan al die ander is;[x] laat elkeen heeltemal oortuig wees in sy eie verstand. **6** Hy wat die dag hou, hou dit vir Jehovah. En hy wat eet, eet vir Jehovah,[a] want hy dank God;[b] en hy wat nie eet nie, eet nié vir Jehovah,[c] en tog dank hy God.[d] **7** Trouens, niemand van ons lewe net vir homself nie,[e] en niemand sterf net vir homself nie; **8** want as ons lewe, lewe ons vir Jehovah,[f] en ook as ons sterf, sterf ons vir Jehovah.[g] Of ons dan lewe en of ons sterf, ons behoort aan Jehovah.[h] **9** Want hiervoor het Christus gesterf en weer lewend geword,[i] om Here oor die dooies[j] sowel as die lewendes[k] te wees.

**10** Maar waarom oordeel jy jou broer?[l] Of waarom sien jy ook neer op jou broer? Want ons sal almal voor die regterstoel[m] van God staan; **11** want daar staan geskrywe: “‘So waar as ek lewe’, sê Jehovah,[n] ‘voor my sal elke knie buig, en elke tong sal God openlik erken.’”[o] **12** So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee.[p]

**13** Laat ons mekaar dus nie langer oordeel nie,[q] maar neem liewer hierdie besluit:[r] om ’n broer[s] nie ’n struikelblok[t] of iets wat hom kan laat val, in die weg te lê nie. **14** Ek weet en is daarvan oortuig in die Here Jesus dat niks op sigself verontreinig is nie;[u] net wanneer iemand iets as verontreinig beskou—vir hom is dit verontreinig.[v] **15** Want as jou broer weens voedsel bedroef gemaak word, wandel jy nie meer in ooreenstemming met die liefde nie.[w] Moenie deur jou voedsel dié een vir wie Christus gesterf het, te gronde rig nie.[x] **16** Moet dus nie dat daar tot nadeel van julle gepraat word

---

**HFST. 13**

a Le 19:18; Mt 19:19; Mt 22:39; Lu 10:36
b 1Ko 13:4
c Lu 6:31; 2Ti 2:24
d Mt 22:40
e Lu 21:36; 1Ko 15:34; 1Te 5:6
f Jes 56:1
g Ef 4:30
h Ef 5:11
i 2Ko 6:7; Ef 6:11; 1Te 5:8
j 1Pe 2:12
k 1Pe 4:3
l Spr 21:27; Ef 4:19
m 2Ko 12:20; Tit 3:9
n 1Ko 11:1; Ga 3:27; Ef 4:24
o Ga 5:16

**HFST. 14**

p Ro 15:1; 1Ko 8:11; 1Te 5:14
q 1Ko 8:7
r Ge 9:3
s Kol 2:16
t Mt 7:1; Jak 4:12
u 1Ko 4:4
v Jer 35:19
w Ga 4:10
x Kol 2:16

**Tweede kol.**

a Ps 92:1
b Mt 15:36; 1Ti 4:4
c Le 11:8; Jer 36:9
d 1Ko 10:31
e 1Ko 6:19
f Ps 146:2; Ga 2:19; 1Pe 4:2
g Est 4:16; Ps 116:15
h 1Te 4:14
i Joh 12:24
j 1Te 5:10; Op 1:18
k Han 10:36
l Lu 6:37; Ro 14:4
m Han 10:42; Han 17:31; 2Ko 5:10
n Jes 49:18
o Jes 45:23
p Pr 12:14; Mt 12:36; 2Ko 5:10; 1Pe 4:5
q Mt 7:1
r Flp 1:10
s 1Jo 2:10
t Mt 17:27; Mt 18:6; 1Ko 8:9; 1Ko 10:32

u Mt 15:11; Han 10:15; 1Ti 4:4; v Tit 1:15; w Ef 5:2; x 1Ko 8:11.

oor die goeie wat julle doen nie.
**17** Want die koninkryk van
God[a] beteken nie voedsel en
drank nie,[b] maar beteken reg-
verdigheid[c] en vrede[d] en vreug-
de[e] met heilige gees. **18** Want
hy wat Christus in hierdie op-
sig as slaaf dien, is vir God aan-
neemlik en dra die mense se
goedkeuring weg.[f]

**19** Laat ons dan die dinge
nastreef wat vrede bevorder[g]
en die dinge wat vir mekaar op-
bouend is.[h] **20** Hou op om die
werk van God bloot ter wil-
le van voedsel af te breek.[i] Al-
les is weliswaar rein, maar dit
is skadelik vir die mens wat eet
as dit tot struikeling aanleiding
kan gee.[j] **21** Dit is goed om
nie vleis te eet of wyn te drink
of enigiets te doen waaroor jou
broer struikel nie.[k] **22** Die ge-
loof wat jy het, moet jy ooreen-
komstig jouself voor die aange-
sig van God hê.[l] Gelukkig is die
mens wat hom nie oordeel op
die hals haal deur wat hy goed-
keur nie. **23** Maar as hy twy-
fel, is hy reeds veroordeel as hy
eet,[m] omdat hy nie uit geloof
eet nie. Ja, alles wat nie uit ge-
loof is nie, is sonde.[n]

**15** Maar ons wat sterk is,
behoort die swakhede te
dra van dié wat nie sterk is nie[o]
en nie onsself te behaag nie.[p]
**2** Laat elkeen van ons sy naas-
te behaag in wat goed is vir sy
opbouing.[q] **3** Want selfs die
Christus het homself nie be-
haag nie;[r] maar net soos daar
geskrywe staan: “Die smaadhe-
de van dié wat u gesmaad het,
het op my geval.”[s] **4** Want al-
les wat tevore geskryf is, is tot
ons onderrigting[t] geskryf,[u] so-
dat ons deur ons volharding[v] en
deur die vertroosting[w] van die
Skrif hoop kan hê.[x] **5** En mag
die God wat volharding en ver-
troosting verskaf, gee dat jul-
le dieselfde geestesgesind-
heid[a] onder mekaar sal hê as
wat Christus Jesus gehad het,
**6** sodat julle die God en Vader
van ons Here Jesus Christus
eendragtig[b] uit een mond kan
verheerlik.

**7** Verwelkom mekaar dus,[c]
net soos die Christus ons ook
verwelkom het,[d] tot heerlik-
heid van God. **8** Want ek sê
dat Christus in werklikheid ter
wille van God se waaragtig-
heid[e] ’n dienaar[f] van die be-
snedenes[g] geword het, om
die beloftes te bevestig[h] wat
Hy aan hulle voorvaders ge-
maak het **9** en sodat die na-
sies[i] God weens sy barmhartig-
heid sou verheerlik.[j] Net soos
daar geskrywe staan: “Daarom
sal ek u openlik onder die na-
sies erken, en u naam sal ek
met melodieë besing.”[k] **10** En
weer sê hy: “Wees bly, o nasies,
saam met sy volk.”[l] **11** En
weer: “Loof Jehovah, alle na-
sies, en laat al die volke hom
loof.”[m] **12** En weer sê Jesaja:
“Daar sal die wortel van Isai
wees,[n] en daar sal iemand wees
wat opstaan om oor nasies te
heers;[o] op hom sal nasies hul-
le hoop vestig.”[p] **13** Mag die
God wat hoop gee, julle met alle
vreugde en vrede vervul deur-
dat julle glo, sodat julle oorvloe-
dig kan wees in hoop met krag
van die heilige gees.[q]

**14** Ook ek is dan nou oortuig
aangaande julle, my broers,
dat julle self ook vol goed-
heid is, aangesien julle met alle
kennis vervul is,[r] en dat jul-
le ook mekaar ernstig kan ver-
maan.[s] **15** Oor sommige pun-
te skryf ek egter meer ronduit
aan julle, asof om julle weer
daaraan te herinner,[t] kragtens

**HFST. 14**
a Mt 6:33 Lu 17:20
b 1Ko 8:8
c 2Pe 3:13
d Joh 14:27
e Mt 25:21
f 2Ko 8:21
g Mt 5:9 Ro 12:18
h 1Ko 14:12 Heb 10:24
i Ro 14:3 1Ko 8:11
j 1Ko 8:9
k Ro 14:13 1Ko 8:13 1Ko 10:24
l 1Ko 10:23
m Tit 1:15
n Jak 4:17

**HFST. 15**
o Ro 14:1 Ga 6:1 Ga 6:2 1Te 5:14
p 1Ko 10:24
q 1Ko 9:22 Flp 2:4
r Mr 10:45 Joh 5:30 Ga 1:4
s Ps 69:9
t 2Ti 3:16 2Pe 1:19
u Ro 4:23 1Ko 10:11
v Ro 5:4
w Ps 119:50
x 1Ko 9:10 Heb 3:6 1Pe 1:10

**Tweede kol.**
a Flp 2:5
b 1Ko 1:10 2Ko 13:11 Flp 2:2 1Pe 3:8
c Flm 17
d Joh 6:37
e Mi 7:20
f Mt 20:28
g Mt 15:24 Joh 1:11
h Ge 22:18 Ps 89:3
i Ro 3:29
j Ro 9:23
k 2Sa 22:50 Ps 18:49
l De 32:43
m Ps 117:1
n Jes 11:1 Op 5:5
o Ge 49:10
p Jes 11:10 Mt 12:21
q Jes 40:31 Heb 6:11
r 1Ko 8:7 Flp 1:9 2Pe 1:12 1Jo 2:21
s 2Te 3:15
t 2Pe 1:13

die onverdiende goedhartigheid wat deur God aan my gegee is[a] **16** om 'n openbare dienaar van Christus Jesus vir die nasies te wees[b] en aan die heilige werk van die goeie nuus van God deel te neem,[c] sodat die offer,[d] naamlik hierdie nasies, aanneemlik kan wees,[e] aangesien dit met heilige gees geheilig is.[f]

**17** Daarom het ek rede tot vreugde in Christus Jesus[g] wanneer dit by dinge aangaande God kom.[h] **18** Want ek sal dit nie waag om 'n enkele ding te sê as dit nie van dié dinge is wat Christus deur my tot stand gebring het[i] om die nasies tot gehoorsaamheid te bring nie,[j] deur my woord[k] en daad, **19** met die krag van tekens en voortekens,[l] met die krag van die heilige gees; sodat ek van Jerusalem af en in 'n kring[m] tot by Illi′rikum die goeie nuus oor die Christus deeglik verkondig het.[n] **20** Op hierdie manier het ek my dit inderdaad ten doel gestel om die goeie nuus nie bekend te maak waar die naam van Christus reeds genoem is nie, sodat ek nie op die fondament van 'n ander sou bou nie;[o] **21** maar net soos daar geskrywe staan: “Dié aan wie geen aankondiging oor hom gedoen is nie, sal sien, en dié wat nie gehoor het nie, sal verstaan.”[p]

**22** Daarom is ek ook baiekeer verhinder om na julle toe te kom.[q] **23** Maar noudat ek nie meer ongedekte gebied in hierdie streke het nie, en aangesien ek al 'n paar jaar die verlange het om na julle toe te kom[r] **24** wanneer ek na Spanje op pad is,[s] hoop ek bowenal om julle op my reis soontoe te sien en om deur julle 'n ent soontoe vergesel te word[a] nadat ek eers in sekere mate deur julle geselskap bevredig is. **25** Maar nou staan ek op die punt om na Jerusalem te reis om die heiliges te bedien.[b] **26** Want dié in Masedo′nië en Aga′je[c] het met graagte hulle goed gedeel deur 'n bydrae[d] aan die armes onder die heiliges in Jerusalem te gee. **27** Hulle het dit weliswaar met graagte gedoen, en tog was hulle hulle skuldenaars; want as die nasies in hulle geestelike dinge gedeel het,[e] is hulle dit ook verskuldig om hulle in die openbaar met dinge vir die vleeslike liggaam te dien.[f] **28** Nadat ek dan hiermee klaar is en hierdie vrug[g] veilig by hulle besorg het, sal ek by julle langs na Spanje reis.[h] **29** En ek weet dat wanneer ek na julle toe kom, ek met 'n volle mate van Christus se seën sal kom.[i]

**30** Ek vermaan julle dan nou, broers, deur ons Here Jesus Christus en deur die liefde van die gees,[j] om julle saam met my in te span in gebede tot God vir my,[k] **31** dat ek van die ongelowiges in Jude′a verlos sal word[l] en dat my bediening wat vir Jerusalem is,[m] vir die heiliges aanneemlik sal wees,[n] **32** sodat ek, wanneer ek deur God se wil met vreugde by julle kom, saam met julle verkwik sal word.[o] **33** Mag die God wat vrede gee, met julle almal wees.[p] Amen.

**16** Ek beveel ons suster Fe′be, wat 'n dienares[q] van die gemeente in Kenchre′ë[r] is, by julle aan, **2** sodat julle haar sal verwelkom[s] in die Here op 'n wyse wat die heiliges waardig is, en dat julle haar sal bystaan in enige saak waarin sy julle nodig mag hê,[t] want sy

**HFST. 15**

a Ro 12:3, Ga 1:15, Ef 3:7
b Ro 11:13, Ga 2:7, Ga 2:8
c Mt 4:23, Mr 1:1, Han 20:24, Ef 6:15, Op 14:6
d Flp 2:17
e Ro 12:1
f 2Ko 3:3
g Flp 3:3
h Heb 2:17, Heb 5:1
i Mt 28:20, 2Ko 3:5
j Ro 16:26
k 1Ko 2:4, 2Ko 13:3
l Han 15:12, 2Ko 12:12
m Mt 10:23
n Han 21:19, 2Ko 10:13
o 2Ko 10:15
p Jes 52:15
q Ro 1:13
r Han 19:21
s Ro 15:28

**Tweede kol.**

a Han 15:3, 1Ko 16:6
b Han 11:29, Han 19:21, Han 20:22, Han 24:17
c 2Ko 9:2
d 1Ko 16:1, 2Ko 8:4, 2Ko 9:12
e Ro 11:12
f 1Ko 9:11, 1Ko 9:14, Ga 6:6, Heb 13:16
g Flp 4:17
h Ro 15:24
i Ro 1:11
j Flp 2:1
k 2Ko 1:11, Ef 6:18, Kol 4:3, 1Te 5:25
l 2Te 3:2
m Ro 15:26
n 2Ko 8:4
o 1Ko 16:18
p Mr 5:34, Lu 1:79, 1Ko 14:33, Flp 4:9, 1Te 5:23, Heb 13:20

**HFST. 16**

q Mt 27:55, Lu 8:3, Han 2:18
r Han 18:18
s Flp 2:29, 3Jo 8
t Ro 12:13, 1Jo 3:17

was ook self ’n verdediger van
baie, ja, ook van my.
**3** Dra my groete oor aan
Prisca en A′quila,[a] my mede-
werkers[b] in Christus Jesus,
**4** wat hulle nekke vir my siel
gewaag het,[c] aan wie nie net
ek dank betuig nie,[d] maar ook
al die gemeentes van die na-
sies; **5** en groet die gemeente
wat in hulle huis is.[e] Groet my
geliefde Epe′netus, wat ’n eers-
teling[f] van Asië vir Christus
is. **6** Groet Maria, wat baie vir
julle gearbei het. **7** Groet An-
droni′kus en Ju′nias, my fami-
lielede[g] en my medegevange-
nes,[h] wat manne van aansien is
onder die apostels en wat lan-
ger as ek in eenheid[i] met Chris-
tus is.
**8** Dra my groete oor[j] aan
Amplia′tus, my geliefde in die
Here. **9** Groet Urba′nus, ons
medewerker in Christus, en
my geliefde Stagis. **10** Groet[k]
Apel′les, die goedgekeurde in
Christus. Groet dié uit die huis
van Aristobu′lus. **11** Groet
Hero′dion, my familielid.[l] Groet
dié uit die huis van Narsis′sus
wat in die Here is.[m] **12** Groet
Trife′na en Trifo′sa, vroue wat
hard werk in die Here. Groet
Per′sis, ons geliefde, want sy
het baie in die Here gearbei.
**13** Groet Rufus, die uitverko-
rene in die Here, en sy moeder
en myne. **14** Groet Asin′kri-
tus, Flegon, Hermes, Pa′trobas,
Hermas en die broers by hulle.[n]
**15** Groet Filo′logus en Julia,
Ne′reus en sy suster, en Olim′-
pas en al die heiliges by hulle.
**16** Groet mekaar met ’n heilige
kus.[o] Al die gemeentes van die
Christus groet julle.
**17** Ek vermaan julle dan
nou, broers, om dié in die oog te
hou wat, in stryd met die leer[p]
wat julle geleer het, verdeeld-
heid[a] veroorsaak en tot strui-
keling aanleiding gee, en vermy
hulle.[b] **18** Want sulke mense
is nie slawe van ons Here Chris-
tus nie, maar van hulle eie
buik;[c] en deur mooipraatjies[d]
en vleitaal[e] verlei hulle die har-
te van onskuldiges. **19** Want
julle gehoorsaamheid het aan
almal bekend geword.[f] Daarom
verbly ek my oor julle. Maar
ek wil hê dat julle wys moet
wees[g] ten opsigte van wat goed
is, maar onskuldig[h] ten opsigte
van wat boos is.[i] **20** Wat die
God betref wat vrede gee,[j] hy
sal Satan binnekort onder jul-
le voete verbrysel.[k] Mag die on-
verdiende goedhartigheid van
ons Here Jesus met julle wees.[l]
**21** Timo′teus, my medewer-
ker, groet julle, en so ook Lu′-
cius en Jason en Sosi′pater, my
familielede.[m]
**22** Ek, Ter′tius, wat hierdie
brief geskryf het, groet julle in
die Here.
**23** Gajus,[n] my gasheer en dié
van die hele gemeente, groet
julle. Eras′tus, die stadsbe-
stuurder,[o] groet julle, en so ook
Quartus, sy broer. **24** ——
**25** En aan hom[p] wat julle
standvastig kan maak in oor-
eenstemming met die goeie
nuus wat ek bekend maak en
die prediking van Jesus Chris-
tus, volgens die openbaring van
die heilige geheim[q] wat vir lang
tye verswyg is **26** maar nou
openbaar gemaak is[r] en deur
middel van die profetiese ge-
skrifte onder al die nasies be-
kend gemaak is in ooreenstem-
ming met die bevel van die
ewige God ter bevordering van
gehoorsaamheid deur geloof;[s]
**27** aan God, alleen wys,[t] die
heerlikheid[u] deur middel van
Jesus Christus[v] tot in ewigheid.
Amen.

**HFST. 16**
a Han 18:2 Han 18:26 1Ko 16:19 2Ti 4:19
b 1Ko 3:9 Kol 4:11
c 1Jo 3:16
d Ef 5:20
e 1Ko 16:19 Kol 4:15 Flm 2
f 1Ko 16:15
g Ro 9:3 Ro 16:11
h Kol 4:10
i Joh 17:21 Flp 1:1
j 2Ti 4:19
k Kol 4:15
l Ro 9:3
m Ef 6:21 Kol 4:7
n 1Ko 16:19
o 1Ko 16:20 2Ko 13:12 1Te 5:26 1Pe 5:14
p Mt 7:15 Ro 6:17

**Tweede kol.**
a Jud 19
b 2Te 3:6 2Te 3:14 Tit 3:10 2Jo 10
c Flp 3:19 Jud 12
d 2Pe 2:3 Jud 16
e Kol 2:4 Tit 1:10
f Ro 1:8
g Kol 1:9
h Mt 10:16
i Jer 4:22 1Ko 14:20
j Ro 15:33
k Ge 3:15 Heb 2:14
l 1Ko 16:23 Op 22:21
m Ro 9:3 Ro 16:7
n 1Ko 1:14
o Han 19:35
p Ef 3:20 Jud 24
q Ef 1:9 Ef 3:9 Kol 1:26
r 2Ti 1:10
s Han 6:7 Tit 1:3
t Ro 11:33
u Ga 1:5
v Heb 13:21

DIE EERSTE BRIEF AAN DIE

# KORINTIËRS

**1** Paulus, deur God se wil ge-
roep[a] om ’n apostel[b] van Je-
sus Christus te wees, en ons
broer Sos′tenes,[c] **2** aan die
gemeente van God wat in Ko-
rinte[d] is, aan julle wat in een-
heid met Christus Jesus ge-
heilig is,[e] geroep om heiliges
te wees,[f] saam met almal wat
oral die naam[g] aanroep van
ons Here, Jesus Christus, hulle
Here en ons s’n:[h]
**3** Mag julle onverdiende
goedhartigheid[i] en vrede[j] hê
van God, ons Vader, en die Here
Jesus Christus.[k]
**4** Ek dank God altyd vir jul-
le met die oog op die onverdien-
de goedhartigheid[l] van God wat
aan julle in Christus Jesus ge-
gee is;[m] **5** dat julle in alles
in hom verryk is,[n] in die volle
vermoë om te spreek en in vol-
le kennis,[o] **6** net soos die ge-
tuienis aangaande die Chris-
tus[p] onder julle bevestig is,
**7** sodat julle in geen enkele
gawe[q] te kort kom nie, terwyl
julle gretig op die openbaring[r]
van ons Here Jesus Christus
wag. **8** Hy sal julle ook tot die
einde toe standvastig maak,[s]
sodat julle vry van enige be-
skuldiging[t] kan wees in die
dag[u] van ons Here Jesus Chris-
tus.[v] **9** God is getrou,[w] deur
wie julle tot deelgenootskap[x]
met sy Seun Jesus Christus, ons
Here, geroep is.
**10** Ek vermaan[y] julle dan
nou, broers, deur die naam[z] van
ons Here Jesus Christus, dat
julle almal eenstemmig[a] moet
praat en dat daar nie verdeeld-
hede[b] onder julle moet wees
nie, maar dat julle paslik ver-
enig kan wees in dieselfde
denke en in dieselfde gedagte-
gang.[a] **11** Want dit is aan my
deur die huisgenote van Chloë
oor julle onthul,[b] my broers,
dat daar onenighede onder jul-
le bestaan. **12** Wat ek bedoel,
is dat elkeen van julle sê: “Ek
behoort aan Paulus”, “Maar ek
aan Apol′los”,[c] “Maar ek aan Se-
fas”, “Maar ek aan Christus”.
**13** Die Christus bestaan ver-
deeld.[d] Paulus is tog nie vir jul-
le aan die paal gehang nie, of
hoe? Of is julle in die naam
van Paulus gedoop?[e] **14** Ek is
dankbaar dat ek niemand van
julle gedoop het nie, behalwe
Krispus[f] en Gajus,[g] **15** sodat
niemand kan sê dat julle in my
naam gedoop is nie. **16** Ja, ek
het ook die huis van Ste′fanas[h]
gedoop. Wat die res betref, weet
ek nie of ek iemand anders ge-
doop het nie. **17** Want Chris-
tus het my gestuur,[i] nie om te
doop nie, maar om die goeie
nuus bekend te maak, nie met
wysheid van woorde nie,[j] sodat
die folterpaal van die Christus
nie nutteloos gemaak sou word
nie.
**18** Want die woord oor die
folterpaal is dwaasheid[k] vir
dié wat vergaan,[l] maar vir ons
wat gered word,[m] is dit God
se krag.[n] **19** Want daar staan
geskrywe: “Ek sal die wysheid
van die wyse mense laat ver-
gaan,[o] en die intelligensie van
die intellektuele mense[p] sal ek
opsy stoot.”[q] **20** Waar is die
wyse? Waar die skrifgeleer-
de?[r] Waar die debatteerders[s]

**HFST. 1**

a 2Ko 1:1; Kol 1:1
b Han 9:15; Ro 1:1; 1Ti 2:7
c Han 18:17
d Han 18:1
e Joh 17:19; 1Ko 6:11; Heb 2:11; Heb 9:14
f Da 7:27; 1Pe 1:15
g Mt 12:21; Han 4:12
h Ro 3:22; Ef 4:5
i Tit 2:11
j Nu 6:26; Flp 4:7
k 2Pe 1:2
l Joh 1:17
m Ef 1:7; Ef 2:7
n 2Ko 8:9; Ef 3:19
o Kol 1:9
p Han 18:5; 2Ti 1:8
q Heb 6:4
r Lu 17:30; 2Te 1:7; 1Pe 1:7
s Ro 14:4; 1Te 3:13; 2Te 3:3
t Kol 1:22
u 1Ko 4:5; 1Ko 5:5; Op 1:10
v 1Te 5:23
w De 7:9; Jes 49:7
x Joh 17:21; 1Jo 1:3
y 2Te 3:6
z 2Ko 13:10
a 2Ko 13:11; Flp 2:2
b Ro 16:17; Ef 4:3

**Tweede kol.**

a Ro 15:5; 2Ko 13:11
b Le 5:1; 1Ko 5:1
c Han 18:24; 1Ko 3:4; 1Ko 3:21
d Ef 4:5
e Han 2:38
f Han 18:8
g Ro 16:23
h 1Ko 16:15
i Han 9:15
j 1Ko 2:1
k Han 17:18; 1Ko 2:14
l 1Jo 2:17
m 1Ko 15:2
n Ro 1:16

o Ps 33:10; 1Ko 3:19; p Jer 8:9; 1Ti 6:20; q Jes 29:14; r Jes 33:18; s Han 17:18.

van hierdie stelsel van dinge?[a]
Het God nie die wysheid van
die wêreld dwaas gemaak nie?[b]
**21** Want aangesien, in die wys-
heid van God, die wêreld deur
sy wysheid[c] God nie leer ken
het nie,[d] het God dit goedge-
vind om deur die dwaasheid[e]
van wat gepreek word, dié te
red wat glo.
**22** Want die Jode vra tekens[f]
en die Grieke soek wysheid;[g]
**23** maar ons verkondig Chris-
tus wat aan die paal gehang
is,[h] vir die Jode ’n oorsaak van
struikeling[i] maar vir die nasies
dwaasheid;[j] **24** maar vir dié
wat die geroepenes is, Jode so-
wel as Grieke: Christus, die
krag[k] van God en die wysheid[l]
van God. **25** Want iets dwaas
van God is wyser as die mense,
en iets swaks van God is ster-
ker as die mense.[m]
**26** Want julle sien sy roeping
van julle, broers, dat nie baie ge-
roep is[n] wat in vleeslike sin wys
is nie,[o] nie baie magtiges nie,[p]
nie baie van adellike geboorte
nie; **27** maar God het die dwa-
se dinge van die wêreld uitge-
kies,[q] sodat hy die wyse men-
se kan beskaam; en God het die
swak dinge van die wêreld uit-
gekies, sodat hy die sterk dinge
kan beskaam;[r] **28** en God het
die onedele dinge van die wê-
reld uitgekies en die dinge
waarop daar neergesien word,
die dinge wat nie is nie,[s] sodat
hy die dinge wat is, tot niet kan
maak,[t] **29** sodat geen vlees
voor die aangesig van God sou
roem nie.[u] **30** Maar dit is aan
hom te danke dat julle in een-
heid met Christus Jesus is, wat
vir ons wysheid[v] wat van God
kom, geword het, ook regver-
digheid[w] en heiliging[x] en bevry-
ding deur ’n losprys;[y] **31** so-
dat dit kan wees net soos daar
geskrywe staan: “Hy wat roem,
laat hom in Jehovah roem.”[a]

**2** En toe ek na julle toe ge-
kom het, broers, het ek nie
met oordrewe woorde[b] of wys-
heid gekom om die heilige ge-
heim[c] van God aan julle bekend
te maak nie. **2** Want ek het
besluit om niks anders onder
julle te weet nie as Jesus Chris-
tus,[d] en hom as iemand wat
aan die paal gehang is. **3** En
ek het in swakheid en in vrees
en met groot bewing na julle
toe gekom;[e] **4** en wat ek gesê
het en wat ek gepreek het, was
nie met oorredende woorde van
wysheid nie, maar met ’n beto-
ning van gees en krag,[f] **5** so-
dat julle geloof nie in mense se
wysheid sou wees nie,[g] maar in
God se krag.[h]
**6** En ons spreek wysheid on-
der dié wat volwasse is,[i] maar
nie die wysheid[j] van hierdie
stelsel van dinge of van hierdie
stelsel van dinge se heersers,[k]
wat sal vergaan nie.[l] **7** Maar
ons spreek God se wysheid in ’n
heilige geheim,[m] die verborge
wysheid, wat God voor die stel-
sels[n] van dinge tot ons heerlik-
heid voorbestem het. **8** Hier-
die wysheid het nie een van
die heersers[o] van hierdie stelsel
van dinge leer ken nie,[p] want
as hulle dit geken het, sou hulle
nie die glorieryke Here aan die
paal gehang het nie.[q] **9** Maar
net soos daar geskrywe staan:
“Die dinge wat God berei het
vir dié wat hom liefhet, het
die oog nie gesien en die oor
nie gehoor en het ook nie in
die hart van die mens opgekom
nie.”[r] **10** Want aan ons het
God dit deur sy gees[s] geopen-
baar,[t] want die gees[u] ondersoek

**HFST. 1**
a Ef 2:2
b Job 12:17; Ro 1:22
c Kol 2:8
d Mt 11:25; Lu 10:21
e Han 17:19; 1Ko 2:14; 1Ko 3:18
f Mt 12:38; Lu 11:29
g Han 17:18
h 1Ko 2:2
i Jes 8:14
j Han 17:32
k Mr 13:26
l 1Ko 1:30; Kol 2:3
m 2Ko 13:4
n Ro 8:30
o Han 4:13
p Joh 7:48; Jak 2:5
q Lu 16:8
r Mt 11:25
s Ro 4:17
t 1Ko 2:6
u Ro 3:27; 1Ko 4:7
v Jer 23:5; Op 5:12
w Ro 10:4; 2Ko 5:21
x Joh 17:19; Heb 10:10
y Ro 3:24; Kol 1:14

**Tweede kol.**
a Jer 9:24; 2Ko 10:17

**HFST. 2**
b 1Ko 1:17; 2Ko 10:10; 2Ko 11:6
c Ef 3:5; Kol 2:2
d Ga 6:14; Flp 3:8
e 2Ko 10:1; Ga 4:13
f Ro 15:19; 1Ko 4:20; 1Te 1:5; 2Pe 1:16
g Ef 1:17
h 2Ko 4:7; 2Ko 6:7
i 1Ko 14:20; Ef 4:13; Heb 5:14
j 1Ko 3:20; 2Ko 1:12; 1Ti 6:20
k Mt 20:25
l 1Ko 15:24
m Ge 3:15; Ro 16:25; Ef 3:9
n Kol 1:26
o Joh 7:48; Han 13:27
p 1Ko 1:18; 2Ko 3:14
iemand met ons kan foutvind[f]
in verband met hierdie millda-
dige bydrae[g] waarvoor ons sorg
moet dra. **21** Want ons “maak
eerlike voorsiening, nie net
voor die aangesig van Jehovah
nie, maar ook voor die aangesig
van mense”.[h]

**22** Daarbenewens stuur ons
saam met hulle ons broer wat
ons dikwels in baie dinge ern-
stig bevind het, maar nou baie
ernstiger weens sy groot ver-
troue in julle. **23** As daar eg-
ter enige twyfel oor Titus be-
staan, hy is my metgesel en ’n
medewerker[i] in julle belang; of
oor ons broers, hulle is apos-
tels van gemeentes en ’n heer-
likheid van Christus. **24** Toon
dus aan hulle, ten aanskoue van
die gemeentes, die bewys van
julle liefde[j] en van dit waar-
oor ons aangaande julle geroem
het.[k]

**9** Wat dan nou die bediening[l]
betref wat vir die heiliges
is, is dit vir my oorbodig om
aan julle te skryf, **2** want ek

HFST. 8
a 2Ko 12:18
b 2Ko 9:8
c 1Ko 1:5
d 1Ko 7:6
e Mt 8:20; Lu 9:58; Flp 2:7
f 2Ko 6:10
g 1Ko 7:25
h Mt 10:42
i 2Ko 9:2; 1Ti 6:18
j Le 27:8; De 16:10; De 16:17; Spr 3:27; Mr 12:43; Lu 21:3
k Mr 12:44
l 2Ko 9:12

Tweede kol.
a Eks 16:18
b 2Ko 12:18
c 1Ko 16:3
d 2Ko 4:15
e 2Ko 9:2
f 2Ko 6:3
g 1Ko 16:1
h Spr 3:4; 1Pe 2:12
i Flp 2:25
j 1Pe 1:22; 1Pe 2:17
k 2Ko 7:14

HFST. 9
l Ro 15:26; 1Ko 16:1; 2Ko 8:4; 2Ko 9:12

ken julle bereidwilligheid waar-
oor ek aangaande julle by die
Masedoniërs roem, dat Aga′-
je nou al ’n jaar gereed staan,[a]
en julle ywer het die meeste
van hulle aangevuur. **3** Maar
ek stuur die broers, sodat ons
geroem oor julle nie in dié op-
sig leeg sal blyk nie, maar sodat
julle werklik gereed kan wees,[b]
net soos ek altyd gesê het jul-
le sal wees. **4** Anders, as daar
Masedoniërs saam met my kom
en hulle julle nie gereed vind
nie, sal ons—om nie van julle te
praat nie—op die een of ander
wyse beskaamd gemaak word
in hierdie versekerdheid van
ons. **5** Daarom het ek dit no-
dig geag om die broers aan te
moedig om vooruit te gaan na
julle toe en julle milde gawe
wat vantevore beloof is,[c] voor-
af in gereedheid te bring, sodat
dit gereed kan wees as ’n milde
gawe en nie as iets wat afgepers
is nie.[d]

**6** Maar wat dit betref, wie
spaarsaam saai,[e] sal ook spaar-
saam maai; en wie oorvloedig
saai,[f] sal ook oorvloedig maai.
**7** Laat elkeen doen net soos hy
hom in sy hart voorgeneem het,
nie teësinnig[g] of onder dwang
nie, want God het ’n blymoedi-
ge gewer lief.[h]

**8** God is bowendien in staat
om al sy onverdiende goedhar-
tigheid oorvloedig teenoor julle
te laat wees, sodat julle, terwyl
julle altyd in alles van die no-
dige voorsien is, volop vir elke
goeie werk kan hê.[i] **9** (Net
soos daar geskrywe staan: “Hy
het wyd en syd uitgedeel, hy
het vir die armes gegee, sy
regverdigheid bly tot in ewig-
heid.”[j] **10** En hy wat oorvloe-
dig aan die saaier saad verskaf
en brood om te eet,[k] sal aan jul-
le die saad verskaf om te saai
en dit vermenigvuldig en sal
die vrugte van julle regverdig-
heid laat toeneem.)[a] **11** In al-
les word julle verryk vir elke
soort vrygewigheid, wat deur
ons ’n dankbetuiging aan God
voortbring;[b] **12** want die be-
diening van hierdie openbare
diens is nie net om oorvloedig
in die behoeftes van die heiliges
te voorsien nie,[c] maar ook om
ryk te wees aan baie dankbetui-
gings aan God. **13** Deur die
bewys wat hierdie bediening
gee, verheerlik hulle God om-
dat julle onderdanig is aan die
goeie nuus oor die Christus,[d]
soos julle in die openbaar be-
kend maak, en omdat julle vry-
gewig is in julle bydrae aan hul-
le en aan almal;[e] **14** en met
smeking vir julle verlang hulle
na julle weens die allesoortref-
fende onverdiende goedhartig-
heid[f] van God wat op julle rus.

**15** Ons dank God vir sy onbe-
skryflike vrye gawe.[g]

**10** En ek, Paulus, wat onder
julle wel gering in voor-
koms is,[h] maar wat, wanneer af-
wesig, vrymoedig teenoor jul-
le is,[i] versoek julle dringend
op grond van die sagmoedig-
heid[j] en goedhartigheid[k] van
die Christus. **2** Ek smeek in-
derdaad dat ek, wanneer teen-
woordig, nie vrymoedigheid
aan die dag sal hoef te lê met
dié vertroue waarmee ek re-
ken om streng maatreëls[l] teen
sommige te neem wat ons be-
skou asof ons gewandel het vol-
gens wat ons in die vlees is nie.
**3** Want hoewel ons in die vlees
wandel,[m] voer ons nie die stryd
volgens wat ons in die vlees
is nie.[n] **4** Want die wapens
van ons stryd is nie vleeslik
nie,[o] maar kragtig deur God[p]
om sterk verskanste dinge om-
ver te werp. **5** Want ons werp

HFST. 9
a 2Ko 8:10
b 2Ko 8:6
c 2Ko 9:2
d Jes 32:8
e Spr 11:24 Ga 6:7
f Spr 19:17 Spr 22:9 Pr 11:1 Lu 6:38
g De 15:7 De 15:10 Spr 22:8
h Eks 22:29 1Kr 29:17 Spr 11:25 Han 20:35 Ro 12:8 Heb 13:16
i Spr 28:27 Mal 3:10 Ef 4:28 Flp 4:19 Tit 2:14
j Ps 112:9
k De 30:9 Jes 55:10

Tweede kol.
a Ho 10:12
b 2Ko 1:11 2Ko 4:15
c Ro 15:27 2Ko 8:14 Ga 6:6 Flp 4:18
d Ro 6:17 2Ko 7:15
e Mt 5:16 Heb 13:16 Jak 1:27 1Jo 3:17
f Han 20:24
g Joh 1:17 Ro 3:24 Ro 5:15 Ef 3:7

HFST. 10
h 1Ko 2:3
i 2Ko 10:10
j Mt 11:29
k Mt 11:30
l 1Ko 4:21 2Ko 13:2 2Ko 13:10
m Ga 2:20
n Ro 8:13 Ef 6:12
o Mt 26:52 Ro 13:12 Ef 6:13 1Te 5:8 1Ti 1:18 2Ti 2:24
p Ro 8:14 2Ko 6:7

redenasies omver, en elke hoë
ding wat teen die kennis van
God opgerig word;[a] en ons bring
elke gedagte in gevangenskap
om dit aan die Christus gehoor-
saam te maak; **6** en ons hou
ons gereed om straf vir elke
ongehoorsaamheid toe te dien,[b]
sodra julle eie gehoorsaamheid
volkome uitgevoer is.[c]

**7** Julle kyk na dinge vol-
gens hulle uiterlike waarde.[d] As
iemand by homself vertrou dat
hy aan Christus behoort, laat
hy dan weer hierdie feit by
homself in aanmerking neem,
dat ons ook, net soos hy, aan
Christus behoort.[e] **8** Want
selfs al sou ek 'n bietjie te veel
roem[f] oor die gesag wat die
Here ons gegee het om jul-
le op te bou en nie om julle
af te breek nie,[g] sou ek nie
beskaamd gemaak word nie,
**9** sodat dit nie sal lyk asof ek
julle deur my briewe wil bang
maak nie. **10** Want, sê hulle:
"Sy briewe is gewigtig en krag-
tig, maar sy persoonlike teen-
woordigheid is swak[h] en sy
spraak veragtelik."[i] **11** Laat
so iemand dít in aanmerking
neem, dat wat ons in ons woord
deur briewe is wanneer ons af-
wesig is, ons ook in daad sal
wees wanneer ons teenwoordig
is.[j] **12** Want ons durf ons nie
reken onder of vergelyk met
party wat hulleself aanbeveel
nie.[k] Deurdat hulle hulle aan
hulleself meet en hulle met hul-
leself vergelyk, het hulle beslis
geen begrip nie.[l]

**13** Wat ons betref, ons sal
nie buite ons toegewese gren-
se roem nie,[m] maar ooreenkom-
stig die grens van die gebied
wat God aan ons toegemeet het
en selfs tot by julle laat reik
het.[n] **14** Ons strek ons werk-
lik nie te ver uit asof ons nie tot
by julle gereik het nie, want ons
was die eerstes wat met die be-
kendmaking van die goeie nuus
oor die Christus selfs tot by
julle gekom het.[a] **15** Nee, ons
roem nie buite ons toegewese
grense in die arbeid van iemand
anders nie,[b] maar ons koester
die hoop dat ons, namate jul-
le geloof toeneem,[c] met betrek-
king tot ons gebied onder jul-
le groot gemaak sal word.[d] Dan
sal ons nog oorvloediger wees,
**16** om die goeie nuus aan die
lande anderkant julle bekend
te maak,[e] om nie in iemand
anders se gebied te roem
waar dinge reeds voorberei is
nie. **17** "Maar hy wat roem,
laat hom in Jehovah roem."[f]
**18** Want nie hy wat homself
aanbeveel, is goedgekeur nie,[g]
maar hy wat deur Jehovah[h]
aanbeveel word.[i]

**11** Ek wens dat julle 'n bie-
tjie onredelikheid[j] van
my wil verdra. Maar in werklik-
heid verdra julle my! **2** Want
ek is jaloers oor julle met 'n
goddelike jaloesie,[k] want ek het
julle persoonlik aan een man[l] in
die huwelik beloof[m] om julle as
'n kuis[n] maagd voor die Chris-
tus te stel.[o] **3** Maar ek is bang
dat, soos die slang Eva deur sy
listigheid verlei het,[p] julle ver-
stande op die een of ander wyse
verderf sal word,[q] weg van die
opregtheid en die kuisheid wat
die Christus toekom.[r] **4** Want
sake staan so: as iemand kom
en 'n ander Jesus verkondig as
die een wat ons verkondig het,[s]
of julle 'n ander gees ontvang as
wat julle ontvang het,[t] of ander
goeie nuus[u] as wat julle aange-
neem het, dan verdra julle hom
maklik.[v] **5** Want ek meen dat
ek nie in enigiets ondergeskik
is aan julle uitnemende[w] apos-
tels nie.[x] **6** Maar selfs al is ek

**HFST. 10**
a 1Ko 1:19; 1Ko 3:19; 2Ti 2:25
b 1Ti 1:20; Heb 12:10
c 2Ko 2:9; 2Ko 7:15
d 2Ko 5:12
e 1Jo 4:6
f 2Ko 12:6
g 2Ko 13:10; Heb 13:17
h 2Ko 10:1; Ga 4:13
i 2Ko 11:6
j 2Ko 12:20; 2Ko 13:2
k 2Ko 3:1; 2Ko 5:12
l Spr 25:27; Spr 26:12; Ga 6:3; Ga 6:4
m Ro 12:3
n Han 9:15; Ga 2:8

**Tweede kol.**
a 1Ko 3:10; 1Ko 4:15
b Ro 15:20
c 2Te 1:3
d 1Ko 9:1
e Han 19:21; Ro 15:24
f Jes 65:16; Jer 9:24; 1Ko 1:31
g Lu 18:14
h 1Sa 13:14; Spr 29:26
i Ro 2:29; 1Ko 4:5; 2Ti 2:15

**HFST. 11**
j 2Ko 5:13
k Flp 1:8
l Mr 2:19
m Op 21:2; Op 21:9; Op 22:17
n Ef 5:27; Kol 1:28
o Le 21:13; Ef 5:23
p Ge 3:4; 1Ti 2:14
q Joh 8:44; 1Ti 6:5; Heb 13:9; 2Pe 3:17; 2Jo 8
r 1Ko 6:15
s Ga 1:7
t 1Jo 4:3
u Ga 1:8
v Flp 2:21; 2Jo 10
w 2Ko 12:11; Ga 2:6
x 1Ko 15:10; 2Ko 11:23

onbedrewe in spraak,[a] is ek be-
slis nie in kennis nie;[b] maar in
elke opsig het ons dit in alles
aan julle geopenbaar.[c]

**7** Of het ek ’n sonde begaan
deur my te verneder[d] sodat jul-
le verhef kon word, omdat ek
die goeie nuus van God met
genoeë kosteloos[e] aan julle be-
kend gemaak het? **8** Ander
gemeentes het ek beroof deur
dinge vir my onderhoud te aan-
vaar om julle te dien;[f] **9** en
tog het ek, toe ek by julle teen-
woordig was en gebrek begin ly
het, nie vir één ’n las geword
nie,[g] want die broers wat van
Masedo′nië gekom het,[h] het my
tekort oorvloedig aangevul. Ja,
in elke opsig het ek my daarvan
weerhou om julle tot las te wees
en sal ek dit bly doen.[i] **10** Dit
is ’n waarheid[j] van Christus in
my geval, dat hierdie geroem[k]
van my oor die streke van Aga′-
je nie stopgesit sal word nie.
**11** Om watter rede? Omdat ek
julle nie liefhet nie? God weet
ek het.[l]

**12** En wat ek doen, sal ek
aanhou doen,[m] dat ek die voor-
wendsel kan afsny van dié wat
’n voorwendsel wil hê om aan
ons gelyk bevind te word
in die amp waaroor hulle roem.
**13** Want sulke mense is val-
se apostels, bedrieglike wer-
kers,[n] wat hulleself in apos-
tels van Christus verander.[o]
**14** En geen wonder nie, want
Satan self hou aan om hom in
’n engel van lig te verander.[p]
**15** Dit is dus niks besonders as
sy bedienaars[q] ook aanhou om
hulle in bedienaars van regver-
digheid te verander nie. Maar
hulle einde sal volgens hulle
werke wees.[r]

**16** Ek sê weer: Laat niemand
dink dat ek onredelik is nie.
Maar as julle dit werklik dink,
aanvaar my dan selfs as onrede-
lik, sodat ek ook ’n bietjie kan
roem.[a] **17** Wat ek sê, sê ek nie
na die Here se voorbeeld nie,
maar asof in onredelikheid, in
hierdie selfversekerdheid wat
eie aan ’n geroem is.[b] **18** Aan-
gesien baie na die vlees roem,[c]
sal ek ook roem. **19** Want jul-
le verdra die onredelikes met
genoeë, aangesien julle rede-
lik is. **20** Trouens, julle ver-
dra elkeen wat julle in slawerny
bring,[d] elkeen wat verslind wat
julle het, elkeen wat gryp wat
julle het, elkeen wat hom bo jul-
le verhef, elkeen wat julle in die
gesig slaan.[e]

**21** Ek sê dit tot ons oneer,
asof ons posisie swak was.

Maar as enigiemand anders
vrymoedig in iets optree—ek
is onredelik in wat ek sê[f]—tree
ek ook vrymoedig daarin op.
**22** Is hulle Hebreërs? Ek ook.[g]
Is hulle Israeliete? Ek ook. Is
hulle Abraham se saad? Ek
ook.[h] **23** Is hulle bedienaars
van Christus? Ek antwoord
soos ’n kranksinnige: Ek is
dit op uitsonderliker wyse:[i]
in arbeid oorvloediger,[j] in ge-
vangenisse oorvloediger,[k] in
slae bo die maat, dikwels naby
die dood.[l] **24** Vyf keer het ek
van die Jode op een na veertig
houe[m] ontvang, **25** drie keer
is ek met stokke geslaan,[n] een
keer is ek gestenig,[o] drie keer
het ek skipbreuk gely,[p] ’n nag
en ’n dag het ek in die see deur-
gebring; **26** dikwels op reis,
in gevare van riviere, in geva-
re van struikrowers,[q] in geva-
re van my eie ras,[r] in gevare
van die nasies,[s] in gevare in die
stad,[t] in gevare in die wildernis,
in gevare op see, in gevare on-
der valse broers, **27** in arbeid
en geswoeg, dikwels in slape-
lose nagte,[u] in honger en dors,[v]

**HFST. 11**
a Eks 4:10; 2Ko 10:10
b 1Ko 2:13
c Ef 3:4
d 1Ko 2:3; 2Ko 10:1
e Han 18:3; 1Ko 9:18
f Flp 4:10
g 2Ko 12:13
h Flp 4:15
i 1Te 2:9
j Ro 9:1
k 1Ko 9:15
l 2Ko 6:11; 2Ko 7:3; 2Ko 12:15
m 1Ko 9:12
n Ps 101:7; Ps 119:118; Han 5:3; Ef 4:14
o Ro 16:18; 2Ko 2:17; 2Pe 2:1
p Ga 1:8; 2Te 2:9
q Joh 8:44
r Mt 16:27; Ro 2:6; Ga 5:10; Flp 3:19; 2Ti 4:14

**Tweede kol.**
a 2Ko 10:8
b 1Ko 3:21
c Flp 3:4
d Ga 2:4; Ga 4:9; Ga 5:1
e Flp 3:19
f 2Ko 5:13; 2Ko 12:11
g Han 22:3
h Ro 11:1; Flp 3:5
i 2Ko 11:5
j Ro 11:13; 1Ko 15:10
k Han 16:24
l Han 9:16; 2Ko 6:4; 1Pe 2:21
m De 25:3
n Han 16:22
o Han 14:19
p Han 27:41
q Han 20:3
r Han 23:10
s Han 14:5
t Han 13:50
u Han 20:31
v 1Ko 4:11

baiekeer in onthouding van
voedsel,[a] in koue en naaktheid.
**28** Buiten dié dinge van ’n
eksterne aard, is daar nog die
besorgdheid oor al die gemeen-
tes wat my van dag tot dag be-
storm.[b] **29** Wie is swak[c] en ek
is nie swak nie? Wie word tot
struikeling gebring en ek is nie
ontstoke nie?
**30** As daar geroem moet
word, sal ek roem[d] oor die
dinge wat met my swakheid
verband hou. **31** Die God en
Vader van die Here Jesus, ja,
die Een wat tot in ewigheid ge-
loof moet word, weet dat ek
nie lieg nie. **32** In Damaskus
het die goewerneur wat on-
der koning Are′tas was, die
stad van die Damaskeners be-
waak om my gevange te neem,[e]
**33** maar ek is in ’n gevlegte
mandjie[f] deur ’n venster in die
muur laat sak en het aan sy
hande ontkom.

**12** Ek moet roem. Dit is
nie voordelig nie; maar
ek sal na bonatuurlike visi-
oene[g] en openbarings van die
Here oorgaan. **2** Ek ken ’n
mens in eenheid met Christus
wat, veertien jaar gelede—of
dit in die liggaam was, weet ek
nie, of buite die liggaam, weet
ek nie; God weet—as sodanig
na die derde hemel weggeruk
is.[h] **3** Ja, ek ken so ’n mens
—of dit in die liggaam of ge-
skei van die liggaam was,[i] weet
ek nie, God weet— **4** dat hy
tot in die paradys[j] weggeruk is
en onuitspreeklike woorde ge-
hoor het wat dit ’n mens nie ge-
oorloof is om te spreek nie.
**5** Oor so ’n mens sal ek roem,
maar ek sal nie oor myself roem
nie, behalwe in verband met my
swakhede.[k] **6** Want as ek ooit
wil roem,[l] sal ek nie onredelik
wees nie, want ek sal die waar-
heid praat. Maar ek weerhou
my daarvan, sodat niemand
méér aan my sal toeskryf as
wat hy sien ek is of hy van my
hoor nie, **7** bloot weens die
oormaat van die openbarings.
Daarom is ek, sodat ek nie te
verhewe sou voel nie,[a] ’n doring
in die vlees gegee,[b] ’n engel van
Satan, om my te bly slaan, so-
dat ek my nie te veel sou verhef
nie. **8** Hieroor het ek die Here
drie keer[c] dringend versoek dat
dit van my sou wyk; **9** en tog
het hy vir my gesê: “My on-
verdiende goedhartigheid is vir
jou voldoende;[d] want my krag
word in swakheid tot volmaakt-
heid gebring.”[e] Met die grootste
genoeë sal ek dus liewer in ver-
band met my swakhede roem,[f]
sodat die krag van die Chris-
tus soos ’n tent oor my kan bly.
**10** Daarom skep ek behae in
swakhede, in beledigings, in ge-
valle van nood, in vervolgin-
ge en moeilikhede, ter wille
van Christus. Want wanneer ek
swak is, dan is ek sterk.[g]
**11** Ek het onredelik geword.
Julle het my daartoe gedwing,[h]
want júlle moes my eintlik aan-
beveel het. Want ek was nie
in enigiets ondergeskik aan
julle uitnemende[i] apostels nie,
selfs al is ek niks.[j] **12** Trou-
ens, die tekens van ’n apostel[k] is
deur alle volharding onder jul-
le voortgebring,[l] en deur tekens
en voortekens en kragtige wer-
ke.[m] **13** Want in watter opsig
het julle geringer as die res van
die gemeentes geword, behalwe
dat ek nie vir julle ’n las geword
het nie?[n] Vergewe my goedgun-
stig hierdie onreg.
**14** Kyk! Dit is die derde keer[o]
dat ek gereed is om na julle toe
te kom, en tog sal ek nie ’n
las word nie. Want ek soek nie
julle besittings nie,[p] maar júlle;

**HFST. 11**
a 2Ko 6:5
b 2Ko 2:4; Kol 2:1
c 1Ko 9:22
d 2Ko 12:5
e Han 9:24
f Han 9:25

**HFST. 12**
g Han 2:17; Han 22:17
h Ese 8:3
i Ese 3:14
j Ef 1:3
k 2Ko 11:30
l 2Ko 10:8; 2Ko 11:16

**Tweede kol.**
a Spr 16:18
b Ga 4:13
c 1Pe 5:7
d De 3:26
e Jes 40:29; Heb 11:34
f 2Ko 11:30
g Flp 4:13
h 2Ko 12:1
i 2Ko 11:5; Op 2:2
j 2Ko 11:23
k 1Ko 9:2
l 2Ko 6:4
m Han 14:3; Han 15:12; Ro 15:19
n 1Ko 9:12; 2Ko 11:9
o 2Ko 13:1
p Han 20:33

want die kinders[a] behoort nie
vir hulle ouers op te spaar nie,
maar die ouers vir hulle kin-
ders.[b] **15** Wat my betref, ek
sal my met die grootste genoeë
uitstort en heeltemal uitgestort
word vir julle siele.[c] As ek julle
oorvloediger liefhet, moet jul-
le my dan des te minder lief-
hê? **16** Maar hoe dit ook al sy,
ek het julle nie belas nie.[d] Nie-
temin sê julle dat ek "slinks"
was en julle "deur bedrog" ge-
vang het.[e] **17** Ek het tog nie
van julle misbruik gemaak deur
enigeen van dié wat ek na jul-
le toe gestuur het nie, of hoe?
**18** Ek het Titus aangespoor, en
ek het die broer saam met hom
gestuur. Titus het tog geensins
van julle misbruik gemaak nie,
of hoe?[f] Het ons nie in dieselfde
gees gewandel nie?[g] In dieselfde
voetstappe nie?

**19** Het julle al die tyd ge-
dink dat ons ons voor julle ver-
dedig het? Dit is voor God dat
ons in verband met Christus
spreek. Maar alles, geliefdes, is
tot julle opbouing.[h] **20** Want
ek is bang dat ek, wanneer ek
daar aankom,[i] julle op die een
of ander manier nie sal vind
soos ek sou wou hê nie en dat ek
vir julle nie sal wees wat julle
sou wou hê nie, maar dat daar
in plaas daarvan op die een of
ander manier twis, jaloesie,[j] ge-
valle van toorn, rusies, kwaad-
sprekery, fluisteringe, gevalle
van opgeblasenheid en wanor-
delikhede sal wees.[k] **21** Mis-
kien sal my God my, wanneer
ek weer kom, onder julle verne-
der en sal ek oor baie van dié
treur wat vroeër gesondig het[l]
maar nie berou getoon het oor
hulle onreinheid en hoerery[m]
en losbandige gedrag[n] wat hul-
le beoefen het nie.

**13** Dit is die derde keer[a] dat
ek na julle toe kom. "Uit
die mond van twee of drie ge-
tuies moet elke saak bevestig
word."[b] **2** Ek het vantevore
gesê en ek sê, asof die tweede
keer teenwoordig en nou tog af-
wesig, vooruit vir dié wat voor-
heen gesondig het en vir al die
ander, dat as ek ooit weer kom,
ek nie sal spaar nie,[c] **3** aan-
gesien julle 'n bewys soek dat
Christus in my spreek,[d] Chris-
tus wat nie swak teenoor julle
is nie, maar kragtig onder jul-
le is. **4** Ja, hy is weliswaar aan
die paal gehang[e] as gevolg van
swakheid,[f] maar hy lewe as ge-
volg van God se krag.[g] Ook is
ons weliswaar saam met hom
swak, maar ons sal saam met
hom lewe[h] as gevolg van God se
krag[i] teenoor julle.

**5** Toets voortdurend of jul-
le in die geloof is, stel julleself
voortdurend op die proef.[j] Of
erken julle nie dat Jesus Chris-
tus in eenheid met julle is nie?[k]
Tensy julle afgekeur is. **6** Ek
hoop waarlik dat julle te wete
sal kom dat ons nie afgekeur is
nie.

**7** Ons bid[l] God dan nou dat
julle niks verkeerds sal doen
nie, nie sodat dit sal lyk asof
ons goedgekeur is nie, maar so-
dat julle kan doen wat goed is,
al lyk dit dalk asof ons afgekeur
is. **8** Want ons kan niks teen
die waarheid doen nie, maar
net vir die waarheid.[m] **9** Ons
is beslis bly wanneer ons swak
maar julle sterk is;[n] en hier-
om bid ons:[o] dat julle regge-
help word. **10** Dit is waarom
ek hierdie dinge skryf terwyl
ek afwesig is, sodat ek nie, wan-
neer ek teenwoordig is, met
strengheid sal optree[p] ooreen-
komstig die gesag wat die Here

**HFST. 12**
a 1Ko 4:14; Ga 4:19
b Spr 13:22; Spr 19:14
c Spr 11:30; 2Ko 1:6; Flp 2:17; Kol 1:24; 1Te 2:8; Heb 13:17
d 2Ko 11:9
e 2Ko 7:2
f 2Ko 8:6; 2Ko 8:16
g Flp 1:27
h 1Ko 10:33
i 2Ko 10:2; 2Ko 13:2
j 1Ko 3:3
k Flp 2:3
l 1Ko 5:1; 2Ko 2:2
m 1Ko 6:9; 1Ko 6:13
n Ro 13:13; Ga 5:19; Ef 4:19; 2Pe 2:2; Jud 4

**Tweede kol.**

**HFST. 13**
a 2Ko 12:14
b Nu 35:30; De 19:15; Mt 18:16; Joh 8:17
c 2Ko 1:23; 2Ko 10:2; 2Ko 12:21
d Ro 15:18; 1Ko 5:4
e 1Ko 2:2
f Flp 2:7
g Ro 6:4
h 2Ti 2:12; 1Pe 3:18
i 1Ko 1:18; 1Ko 6:14
j 1Ko 11:28; Ga 6:4
k Ro 8:10
l Ro 1:9; Flp 1:4; Flp 1:9; Kol 1:3; 1Te 1:2
m Han 4:20; 1Ko 13:6
n 1Ko 4:10
o 1Te 3:10
p 1Ko 4:21; 2Ko 10:6

my gegee het om op te bou[a] en
nie om af te breek nie.
11 Laastens, broers, hou aan
om julle te verheug, om julle
te laat reghelp, om julle te laat
vertroos,[b] om eenders te dink,[c]
om vreedsaam te lewe;[d] en die
God van liefde en van vrede[e]
sal met julle wees. 12 Groet
mekaar met ’n heilige kus.[f]
13 Al die heiliges stuur vir jul-
le groete.
14 Mag die onverdiende
goedhartigheid van die Here Je-
sus Christus en die liefde van
God en die deelgenootskap in
die heilige gees met julle almal
wees.[a]

HFST. 13
a Tit 1:13
b 2Ko 1:4, 2Ko 1:6
c Flp 2:2
d 1Te 5:13, Jak 3:17, 1Pe 3:11, 2Pe 3:14
e Ro 15:33, 1Ko 14:33, 1Te 5:23
f Ro 16:16, 1Te 5:26, 1Pe 5:14

Tweede kol. a Flp 2:1.

AAN DIE
# GALASIËRS

1 Paulus,[a] ’n apostel,[b] nie van-
weë mense of deur ’n mens
nie, maar deur Jesus Christus[c]
en God die Vader,[d] wat hom uit
die dode opgewek het,[e] 2 en
al die broers by my,[f] aan die ge-
meentes van Gala′sië:[g]
3 Mag julle onverdiende
goedhartigheid en vrede[h] hê
van God, ons Vader, en die He-
re Jesus Christus. 4 Hy het
homself vir ons sondes gegee[i]
om ons te verlos van die teens-
woordige goddelose stelsel van
dinge[j] volgens die wil[k] van ons
God en Vader, 5 aan wie die
heerlikheid vir ewig en altyd
toekom.[l] Amen.
6 Ek verwonder my dat julle
so gou verwyder word van die
Een[m] wat julle met Christus se
onverdiende goedhartigheid[n]
geroep het, na ’n ander soort
goeie nuus[o] toe. 7 Maar dit is
nie ’n ander nie; dit is net dat
daar sommige is wat onder julle
onrus stook[p] en die goeie nuus
oor die Christus wil verdraai.[q]
8 Maar selfs al sou ons of ’n en-
gel uit die hemel aan julle iets
as goeie nuus bekend maak be-
newens dit wat ons aan julle
as goeie nuus bekend gemaak
het, laat hom vervloek wees.[r]
9 Soos ons hierbo gesê het, sê
ek nou ook weer: Wie ook al
aan julle iets as goeie nuus be-
kend maak buiten dit wat julle
aangeneem het,[a] laat hom ver-
vloek wees.
10 Is dit in werklikheid men-
se wat ek nou probeer oorreed,
of God? Of probeer ek men-
se behaag?[b] As ek nog steeds
mense behaag het,[c] sou ek nie
Christus se slaaf wees nie.[d]
11 Want ek stel julle in ken-
nis, broers, dat die goeie nuus
wat deur my as goeie nuus be-
kend gemaak is, nie iets mens-
liks is nie;[e] 12 want ek het dit
nie van ’n mens ontvang nie, en
ek is dit ook nie geleer nie, be-
halwe deur middel van ’n open-
baring deur Jesus Christus.[f]
13 Julle het natuurlik van
my gedrag vroeër in die Judaïs-
me gehoor,[g] dat ek die gemeen-
te van God uitermate bly ver-
volg[h] en verwoes het,[i] 14 en
ek het groter vooruitgang in
die Judaïsme gemaak as tal-
le van my eie ouderdom in my
ras,[j] aangesien ek baie yweri-
ger[k] vir die oorleweringe[l] van
my vaders was. 15 Maar toe
God, wat my van my moeder
se skoot afgesonder en deur sy

HFST. 1
a Han 13:9
b Ro 1:5, Tit 1:1
c Han 9:15, Han 26:16, Ga 1:12
d Han 22:14
e Han 2:24
f Flp 4:21
g 1Ko 16:1
h 1Ko 1:3, Ga 6:16, 2Jo 3
i Tit 2:14, 1Jo 2:2
j Joh 15:19, Ro 12:2
k Ese 33:11, 1Ti 2:4
l Ro 16:27
m Heb 3:6
n 2Ko 1:2
o 2Ko 11:4, Ga 5:7
p Ga 5:10
q Han 15:1, 2Ko 11:13, 1Ti 6:3
r 1Ko 16:22, Ga 5:12

Tweede kol.
a De 12:32, Spr 30:6
b 1Te 2:4
c Jak 4:4
d Ro 1:1
e 1Te 2:13
f Ro 16:25, Ga 2:2, Ef 3:3
g Han 23:6, Ga 2:14
h 1Ti 1:13
i Han 8:3, Han 9:1, Han 22:4, Han 26:11
j Han 22:3
k Flp 3:6
l Mr 7:5

onverdiende goedhartigheid[a]
geroep het,[b] dit goedgedink het
**16** om sy Seun in verband met
my te openbaar,[c] sodat ek die
goeie nuus oor hom aan die na-
sies bekend sou maak,[d] het ek
nie dadelik met vlees en bloed
beraadslaag nie.[e] **17** Ek het
ook nie na Jerusalem opgegaan
na dié wat vóór my apostels was
nie,[f] maar ek het na Arabië ver-
trek en weer na Damaskus te-
ruggekom.[g]
**18** Toe, drie jaar later, het ek
na Jerusalem opgegaan[h] om Se-
fas[i] te besoek, en ek het vyftien
dae by hom gebly. **19** Maar ek
het niemand anders van die
apostels gesien nie, net Jako-
bus,[j] die broer[k] van die Here.
**20** En wat die dinge betref wat
ek aan julle skryf—kyk! voor
die aangesig van God, ek lieg
nie.[l]
**21** Daarna het ek na die stre-
ke van Sirië en van Sili′sië
gegaan.[m] **22** Maar by die ge-
meentes van Jude′a wat in
eenheid met Christus was,[n]
was ek onbekend van aangesig;
**23** hulle het net altyd gehoor:
“Die man wat ons vroeër ver-
volg het,[o] maak nou die goeie
nuus bekend oor die geloof wat
hy vroeër verwoes het.”[p]
**24** En hulle het God weens my
begin verheerlik.[q]

**2** Toe, ná veertien jaar, het
ek weer na Jerusalem opge-
gaan[r] met Bar′nabas[s] en ook vir
Titus saamgeneem. **2** Maar
ek het as gevolg van ’n openba-
ring opgegaan.[t] En ek het die
goeie nuus wat ek onder die na-
sies verkondig, aan hulle voor-
gelê,[u] maar afsonderlik aan dié
wat gesiene manne was, uit
vrees dat ek op die een of ander
wyse tevergeefs[v] hardloop[w] of
gehardloop het. **3** Nietemin is
nie eens Titus,[a] wat by my was,
gedwing om besny te word nie,[b]
hoewel hy ’n Griek is. **4** Maar
weens die valse broers[c] wat stil-
letjies ingebring is,[d] wat inge-
sluip het om ons vryheid[e] te be-
spied wat ons in eenheid met
Christus Jesus het, sodat hulle
ons heeltemal in slawerny kon
bring[f]— **5** aan hulle het ons
nie in onderdanigheid toegegee
nie,[g] nee, nie eens ’n uur nie, so-
dat die waarheid[h] van die goeie
nuus by julle sou bly.
**6** Maar wat dié betref wat
blykbaar iets was[i]—watter
soort mense hulle ook al vroeër
was, maak by my geen verskil
nie[j]—God kyk nie na ’n mens
se uiterlike nie[k]—daardie ge-
siene manne het my in werklik-
heid niks nuuts meegedeel nie.
**7** Maar, inteendeel, toe hulle
sien dat die goeie nuus vir
die onbesnedenes[l] aan my toe-
vertrou is,[m] net soos dié vir
die besnedenes aan Petrus[n]—
**8** want Hy wat Petrus die no-
dige bevoegdheid gegee het vir
’n apostelskap onder die besne-
denes, het ook aan my die be-
voegdheid gegee[o] vir dié wat
uit die nasies is; **9** ja, toe hul-
le die onverdiende goedhartig-
heid[p] wat aan my gegee is,[q]
te wete kom, het Jakobus[r] en
Sefas en Johannes, dié wat
blykbaar pilare was,[s] my en
Bar′nabas[t] die regterhand van
deelgenootskap gegee,[u] sodat
ons na die nasies sou gaan,
maar hulle na die besnedenes.
**10** Ons moet net die armes in
gedagte hou.[v] Ek het ook ywe-
rig daarna gestreef om juis dit
te doen.[w]
**11** Toe Sefas[x] egter na An-
tiogi′ë[y] gekom het, het ek hom
van aangesig tot aangesig teë-

x Joh 1:42; y Han 11:26; Han 15:35.

**HFST. 1**
a Ro 11:5, 1Ko 15:10, Ef 3:7
b 1Ko 1:1, 1Te 2:12
c 2Ko 4:6
d Han 9:15, Ro 11:13
e Mt 16:17
f Han 2:42
g Han 9:19
h Han 9:26
i Joh 1:42, 1Ko 15:5
j Han 12:17
k Mt 13:55, 1Ko 9:5
l Ro 9:1
m Han 9:30
n Joh 17:21, Ro 16:7, 1Ko 1:30, 1Te 2:14
o Ga 1:13
p Han 8:3
q Han 21:20

**HFST. 2**
r Han 15:2
s Han 9:27
t 1Ko 14:6
u Han 15:12
v Flp 2:16, 1Te 3:5
w Ga 5:7

**Tweede kol.**
a 2Ko 2:13
b Han 16:3
c Jes 66:5
d Han 15:24, 2Ko 11:26, Jud 4
e Joh 8:32, Joh 8:36, 2Ko 3:17, Ga 5:1, 1Pe 2:16
f 2Ko 11:20, Ga 4:9
g Ga 2:14
h Joh 18:37, Ga 4:16
i Ga 2:9
j Ga 2:14
k De 10:17, Han 10:34, Ro 2:11
l Han 22:21, Ro 11:13, 1Ti 2:7
m 1Te 2:4
n Han 8:14
o Han 9:15, Ro 1:5, Kol 1:29
p Ro 1:5, Ef 3:8
q 2Pe 3:15
r Han 15:13
s Ef 2:20
t Han 13:2, Han 15:25
u 1Jo 1:3
v De 15:8, 1Ko 16:1
w Han 11:29

gestaan, omdat hy veroordeeld
gestaan het.[a] **12** Want voor-
dat sekere manne van Jakobus[b]
af daar aangekom het, het hy al-
tyd saam met mense van die na-
sies geëet;[c] maar toe hulle daar
aankom, het hy hom onttrek
en hom afgesonder uit vrees[d]
vir dié van die besnede klas.[e]
**13** Die res van die Jode het
ook by hom aangesluit in hier-
die geveins,[f] sodat selfs Bar′na-
bas[g] deur hulle geveins meege-
sleep is. **14** Maar toe ek sien
dat hulle nie reguit wandel vol-
gens die waarheid van die goeie
nuus nie,[h] het ek voor hulle al-
mal vir Sefas gesê:[i] "As jy, hoe-
wel jy 'n Jood is, soos die na-
sies lewe en nie soos die Jode
nie, hoe is dit dat jy mense van
die nasies dwing om volgens die
Joodse gebruik te lewe?"[j]

**15** Ons wat van nature Jode
is,[k] en nie sondaars[l] uit die na-
sies nie, **16** en wat weet dat 'n
mens nie weens werke van die
wet regverdig verklaar word
nie,[m] maar net deur geloof[n] in
Christus Jesus, selfs ons het
ons geloof in Christus Jesus ge-
stel, sodat ons regverdig ver-
klaar kan word weens geloof
in Christus[o] en nie weens wer-
ke van die wet nie, want geen
vlees sal weens werke van die
wet regverdig verklaar word
nie.[p] **17** Maar as ons, in ons
pogings om deur middel van
Christus regverdig verklaar te
word,[q] ook self sondaars be-
vind is,[r] is Christus dan in
werklikheid 'n dienaar van die
sonde?[s] Mag dit nooit gebeur
nie! **18** Want as ek juis dié
dinge wat ek eens afgebreek
het, weer opbou,[t] toon ek dat
ek 'n oortreder is.[u] **19** Wat my
betref, deur die wet het ek ten
opsigte van die wet gesterf,[v]
sodat ek ten opsigte van God
lewend kon word.[a] **20** Ek is
saam met Christus aan die paal
gehang.[b] Dit is nie meer ek wat
lewe nie,[c] maar Christus wat in
eenheid met my lewe.[d] Ja, die
lewe wat ek nou in die vlees le-
we,[e] lewe ek deur die geloof in
die Seun van God, wat my lief-
gehad het en homself vir my
oorgegee het.[f] **21** Ek stoot
nie die onverdiende goedhar-
tigheid[g] van God opsy nie; want
as regverdigheid deur die wet
is,[h] het Christus in werklikheid
verniet gesterf.[i]

**3** O onverstandige Galasiërs,
wie het julle onder 'n bose
invloed gebring,[j] julle voor wie
se oë Jesus Christus openlik
uitgebeeld is as aan die paal ge-
hang?[k] **2** Net dít wil ek by jul-
le verneem: Het julle die gees
ontvang[l] weens werke van die
wet[m] of omdat julle deur geloof
gehoor het?[n] **3** Is julle só on-
verstandig? Word julle nou, na-
dat julle in die gees begin het,[o]
in die vlees voltooi?[p] **4** Het
julle verniet soveel lyding on-
dergaan?[q] As dit wél verniet
was. **5** Hy dan wat aan jul-
le die gees verskaf[r] en krag-
tige werke[s] onder julle verrig,
doen hy dit as gevolg van werke
van die wet of omdat julle deur
geloof gehoor het? **6** Net soos
Abraham 'geloof in Jehovah ge-
stel het, en dit is hom as regver-
digheid toegereken'.[t]

**7** Julle weet tog dat dié wat
aan geloof vashou,[u] kinders
van Abraham is.[v] **8** En die
Skrifgedeelte, wat vooruitge-
sien het dat God mense van
die nasies weens geloof regver-
dig sou verklaar, het vooraf die
goeie nuus aan Abraham be-
kend gemaak, naamlik: "Deur
middel van jou sal al die nasies
geseën word."[w] **9** Gevolglik
word dié wat aan geloof vashou,

HFST. 2

a Le 19:17
b Han 12:17
c Han 10:28; Han 11:3; Han 15:28
d Spr 29:25
e Han 21:20
f Jak 3:17
g Han 15:39
h Han 10:15; Han 10:34; Ga 3:28
i 1Ti 5:20
j Han 15:10; Han 15:28; Ga 1:13
k Joh 8:39; Ro 11:23
l Ef 2:12
m Ps 143:2; Han 13:39; Ro 8:33
n Ro 1:17; Ro 3:22; Jak 2:23
o Ro 5:17; 1Ko 6:11; Heb 7:19
p Ro 3:20; Ga 3:19
q Ro 5:1
r 1Jo 3:9
s Ro 6:1
t Ga 5:2; Kol 2:14
u Ga 5:4
v Ro 7:9

Tweede kol.

a Ro 6:11; Heb 9:14
b Ro 6:6; Ga 5:24; Ga 6:14
c 1Pe 4:2
d Joh 17:23
e 2Ko 5:15
f 1Ti 2:6
g Joh 1:17; Ro 4:5
h Ga 3:21; Heb 7:11
i Tit 3:5

HFST. 3

j Ga 5:7
k 1Ko 1:23
l Ef 1:13; Heb 6:4
m Ro 3:20
n Ro 10:17
o Ga 4:9
p Heb 7:16
q Heb 10:36; 2Jo 8
r Han 10:44
s 1Ko 12:10
t Ge 15:6; Ro 4:3; Jak 2:23
u Ro 4:12
v Joh 8:39; Ro 4:16
w Ge 12:3; Ge 18:18; Han 3:25

saam met die getroue Abra-
ham[a] geseën.[b]
**10** Want almal wat op werke
van die wet staatmaak, is on-
der ’n vloek; want daar staan
geskrywe: “Vervloek is elkeen
wat nie in al die dinge bly wat in
die boekrol van die Wet geskry-
we staan om dit te doen nie.”[c]
**11** En dat niemand deur die
wet by God regverdig verklaar
word nie,[d] is duidelik, want “die
regverdige sal weens geloof le-
we”.[e] **12** Maar die Wet hou
nie vas aan geloof nie, maar
“hy wat dit nakom, sal daar-
deur lewe”.[f] **13** Christus het
ons losgekoop[g] van die vloek
van die Wet deur in ons plek
’n vloek te word,[h] want daar
staan geskrywe: “Vervloek is
elkeen wat aan ’n paal gehang
is.”[i] **14** Die doel was dat die
seën van Abraham deur middel
van Jesus Christus vir die na-
sies tot stand sou kom,[j] sodat
ons die beloofde gees[k] deur ons
geloof kon ontvang.[l]
**15** Broers, ek spreek met ’n
menslike illustrasie: Niemand
stel ’n bekragtigde verbond,
al is dit ’n mens s’n, tersyde
of las byvoegings daarby nie.[m]
**16** Nou is die beloftes aan Abra-
ham[n] en aan sy saad[o] gemaak.
Dit sê nie: “En aan sade”, soos
in die geval van baie nie, maar
soos in die geval van een:[p] “En
aan jou saad”,[q] wat Christus is.[r]
**17** Verder sê ek dít: Wat die ver-
bond betref wat vantevore deur
God bekragtig is,[s] die Wet wat
vierhonderd-en-dertig jaar[t] la-
ter tot stand gekom het, maak
dit nie kragteloos om sodoende
die belofte tot niet te maak nie.[u]
**18** Want as die erfenis weens
die wet kom, kom dit nie meer
weens die belofte nie;[v] terwyl
God dit goedgunstig deur ’n be-
lofte aan Abraham gegee het.[w]

**19** Waarom dan die Wet? Dit
is bygevoeg om oortredings
openbaar te maak,[a] totdat die
saad sou kom[b] aan wie die be-
lofte gemaak is; en dit is deur
middel van engele[c] deur die
hand van ’n middelaar[d] oor-
gedra. **20** Daar is egter geen
middelaar waar daar net een
persoon is nie, maar God is
net één.[e] **21** Is die Wet dan
teen die beloftes van God?[f]
Mag dit nooit gebeur nie! Want
as ’n wet gegee was wat die
lewe kon gee,[g] sou regverdig-
heid inderdaad deur middel van
die wet gewees het.[h] **22** Maar
die Skrif[i] het alles saam in
die bewaring van die sonde
oorgegee,[j] sodat die belofte wat
voortspruit uit geloof in Jesus
Christus, gegee kon word aan
dié wat geloof beoefen.[k]
**23** Maar voordat die geloof
gekom het,[l] is ons onder die wet
bewaak,[m] aangesien ons saam
in bewaring oorgegee is, in af-
wagting van die geloof wat be-
stem was om geopenbaar te
word.[n] **24** Gevolglik het die
Wet ons tugmeester geword
wat na Christus gelei het,[o] so-
dat ons weens geloof regverdig
verklaar kon word.[p] **25** Maar
noudat die geloof gekom het,[q]
is ons nie meer onder ’n tug-
meester nie.[r]
**26** Julle is in werklikheid
almal kinders[s] van God deur
julle geloof in Christus Je-
sus. **27** Want julle almal
wat in Christus gedoop is,[t]
het julle met Christus beklee.[u]
**28** Daar is nie Jood of Griek
nie,[v] daar is nie slaaf of vry-
geborene nie,[w] daar is nie man
of vrou nie;[x] want julle is al-
mal een persoon in eenheid

**HFST. 3**

**a** Ga 3:28, Ga 3:29, Heb 2:16
**b** Heb 13:7
**c** De 27:26, Jer 11:3, Han 15:10, Jak 2:10
**d** Han 13:39, Ga 2:16
**e** Hab 2:4, Heb 10:38
**f** Le 18:5, De 30:16, Ne 9:29, Ro 10:5
**g** Jes 35:10, Mt 26:28, 1Ko 7:23, Tit 2:14, Heb 9:15
**h** Nu 21:9, Joh 3:14, Joh 19:31, Han 5:30
**i** De 21:23
**j** Ro 4:9, Ef 2:15
**k** Jl 2:28
**l** Han 19:4, 1Pe 2:6
**m** Heb 9:17
**n** Ge 12:1, Ge 12:7, Ge 13:15, Ge 17:7
**o** Ge 24:7, Jes 6:13, Ga 3:29
**p** Ge 25:5, Ro 9:7, Ro 9:8
**q** Ge 22:18
**r** Ge 49:10, Mt 1:17
**s** Ro 4:13
**t** Eks 12:41
**u** Ro 4:14
**v** Ro 11:6
**w** Ge 22:17

**Tweede kol.**

**a** Ro 3:20, Ro 4:15, Ro 7:12, Ro 7:14
**b** Joh 1:29, Ro 10:4
**c** Han 7:38, Han 7:53, Heb 2:2
**d** Eks 20:19, De 5:5, Joh 1:17, Heb 9:15
**e** De 6:4
**f** 1Ti 1:8
**g** Ro 8:3
**h** Ro 3:10, Ga 2:21
**i** Mt 11:13
**j** Ro 3:9
**k** Ro 4:11
**l** Ga 4:4
**m** Kol 2:14
**n** Ro 10:4
**o** Mt 5:17, Heb 8:5
**p** Han 13:39, Ro 5:1, Ro 8:33

**q** Kol 2:17; **r** Han 21:21; Heb 8:6; Heb 10:1; **s** Ho 1:10; Joh 1:12; Ro 8:14; **t** Han 19:5; Ro 6:3; **u** Ro 13:14; Ef 4:24; **v** Ro 10:12; **w** 1Ko 12:13; Kol 3:11; **x** Han 2:17; 1Pe 3:7.

met Christus Jesus.[a] **29** Wat
meer is, as julle aan Christus
behoort, is julle werklik Abra-
ham se saad,[b] erfgename met
betrekking tot 'n belofte.[c]

**4** Nou sê ek dat solank die erf-
genaam 'n klein kindjie is,
hy glad nie van 'n slaaf verskil
nie,[d] hoewel hy heer van alles
is, **2** maar hy is onder toesig-
houers[e] en onder bestuurders
tot die dag wat sy vader vooraf
bepaal het. **3** So het ons ook,
toe ons klein kindertjies was,
slawe gebly van die elementê-
re[f] dinge wat tot die wêreld be-
hoort. **4** Maar toe die volein-
ding van die tyd aangebreek
het,[g] het God sy Seun uitge-
stuur,[h] wat uit 'n vrou gebore
is[i] en onder die wet te staan ge-
kom het,[j] **5** om dié onder die
wet los te koop,[k] sodat ons op
ons beurt die aanneming as kin-
ders kon ontvang.[l]

**6** En omdat julle kinders is,
het God die gees[m] van sy Seun
in ons harte gestuur, en
dit roep uit: *"Abba,* Vader!"[n]
**7** Daarom is jy dan nie meer 'n
slaaf nie, maar 'n kind; en in-
dien 'n kind, dan ook 'n erfge-
naam deur God.[o]

**8** Maar toe julle God nie ge-
ken het nie,[p] het julle dié wat
van nature nie gode is nie, as
slawe gedien.[q] **9** Maar hoe is
dit dat julle, noudat julle God
leer ken het, of liewer, nou-
dat julle deur God geken word,[r]
weer terugkeer tot die swak[s] en
armsalige elementêre[t] dinge en
hulle weer van voor af as slawe
wil dien?[u] **10** Julle hou nou-
geset dae[v] en maande[w] en tye
en jare. **11** Ek vrees vir julle,
dat ek op die een of ander wyse
verniet[x] met betrekking tot jul-
le geswoeg het.

**12** Broers, ek smeek julle:
Word soos ek,[y] want ek was
ook eens soos julle.[a] Julle het
my geen onreg aangedoen nie.[b]
**13** Maar julle weet dat dit as
gevolg van 'n siekte van my
vlees was dat ek die goeie nuus
die eerste keer aan julle be-
kend gemaak het.[c] **14** En jul-
le het wat vir julle 'n beproe-
wing in my vlees was, nie met
veragting bejeën of met af-
keer daarop gespoeg nie; maar
julle het my soos 'n engel[d] van
God ontvang, soos Christus Je-
sus.[e] **15** Waar is daardie ge-
luk wat julle gesmaak het dan?[f]
Want ek getuig van julle dat jul-
le, as dit moontlik was, julle oë
sou uitgegrawe en hulle vir my
sou gegee het.[g] **16** Wel, het
ek dan julle vyand geword[h] om-
dat ek julle die waarheid ver-
tel?[i] **17** Hulle soek julle ywe-
rig,[j] nie op 'n goeie manier nie,
maar hulle wil julle van my
afsluit, sodat julle hulle ywe-
rig kan soek.[k] **18** Dit is eg-
ter goed as julle te alle tye
in 'n goeie saak ywerig ge-
soek word,[l] en nie net wan-
neer ek by julle teenwoordig is
nie,[m] **19** my kindertjies,[n] met
wie ek weer in geboortepyne
verkeer totdat Christus in julle
gestalte kry.[o] **20** Maar ek sou
kon wens om nou by julle teen-
woordig te wees[p] en op 'n an-
der manier te praat, want ek is
dronkgeslaan[q] oor julle.

**21** Sê vir my, julle wat on-
der die wet wil wees:[r] Hoor jul-
le nie die Wet nie?[s] **22** Daar
staan byvoorbeeld geskrywe
dat Abraham twee seuns gehad
het, een by die diensmeisie[t] en
een by die vry vrou;[u] **23** maar
die een by die diensmeisie is
in werklikheid na die wyse van
die vlees gebore,[v] die ander by
die vry vrou deur 'n belofte.[w]

**HFST. 3**
a Joh 17:21
b Jes 54:1 Ro 8:17 Ro 9:7
c Ga 4:28

**HFST. 4**
d Lu 2:51
e Ge 24:3
f Kol 2:8 Heb 9:10
g Ge 3:15 Ge 49:10
h Mt 3:17 Joh 8:42
i Joh 1:14 1Ti 3:16 Heb 2:14
j Mt 5:17
k Mt 20:28 1Ko 7:23 Ga 3:13
l Joh 1:12 Ro 8:23 2Ko 6:18
m Joh 14:26 Ro 5:5
n Mr 14:36 Ro 8:15
o Ro 8:17 Ga 3:29 Ef 1:14
p Ef 2:12 1Te 4:5
q Ro 1:25 1Ko 12:2 1Te 1:9
r 1Ko 8:3
s Ro 8:3 Heb 7:18
t Kol 2:20
u 2Ko 11:20
v Ro 14:5
w Kol 2:16
x Ga 2:2 Ga 5:4 1Te 3:5
y Ga 6:14

**Tweede kol.**
a Ga 1:14
b 2Ko 2:5
c Han 16:6
d 2Sa 19:27
e Mt 10:40 Joh 13:20
f Op 2:4
g Ga 6:11
h Spr 27:6 Jes 63:10 Heb 12:6
i Joh 8:45 Ef 4:15
j Ro 16:18 2Pe 2:3 2Pe 2:18
k Han 20:30 Flp 2:21
l 1Ko 15:58 Tit 2:14
m Flp 2:12
n 1Ko 4:15 1Te 2:11 Flm 10
o Heb 6:1
p 2Jo 12
q 2Ko 4:8 Ga 6:2

r Ro 7:6; Ga 5:1; s Ga 3:24; t Ge 16:15; u Ge 16:1; Ge 21:3; v Ge 16:2; Ro 9:8; w Ge 17:16.

**24** Hierdie dinge vorm ’n sim-
boliese drama;[a] want hierdie
vroue beteken twee verbonde,[b]
die een afkomstig van die berg
Si′nai,[c] wat kinders vir slawer-
ny voortbring, en dit is Hagar.
**25** En hierdie Hagar beteken
Si′nai,[d] ’n berg in Arabië, en
sy kom ooreen met die hui-
dige Jerusalem, want sy is in
slawerny[e] met haar kinders.
**26** Maar die Jerusalem[f] daar bo
is vry, en sy is ons moeder.[g]

**27** Want daar staan geskry-
we: “Wees bly, onvrugbare vrou
wat nie geboorte gee nie; breek
uit en roep hard uit, vrou wat
nie geboortepyne het nie; want
die kinders van die verlate vrou
is talryker as dié van haar
wat die man het.”[h] **28** En ons,
broers, is kinders wat tot die
belofte behoort, net soos Isak
was.[i] **29** Maar net soos die
een wat na die wyse van die
vlees gebore is, daarna die een
begin vervolg het[j] wat na die
wyse van die gees gebore is, so
ook nou.[k] **30** Wat sê die Skrif-
gedeelte nietemin? “Dryf die
diensmeisie en haar seun uit,
want die seun van die diensmei-
sie sal hoegenaamd nie saam
met die seun van die vry vrou
’n erfgenaam wees nie.”[l]
**31** Ons is derhalwe nie kinders
van ’n diensmeisie[m] nie, broers,
maar van die vry vrou.[n]

**5** Vir sulke vryheid het
Christus ons vrygemaak.[o]
Staan dan vas,[p] en moenie dat
julle weer ’n juk van slawerny
opgelê word nie.[q]

**2** Kyk! Ek, Paulus, sê vir jul-
le dat Christus vir julle van
geen nut sal wees as julle jul-
le laat besny nie.[r] **3** En ek ge-
tuig weer aan elke mens wat
besny word, dat hy onder ver-
pligting staan om die hele Wet
na te kom.[s] **4** Julle is geskei
van Christus, julle wat probeer
om deur middel van die wet reg-
verdig verklaar te word;[a] jul-
le het van sy onverdiende goed-
hartigheid weggeval.[b] **5** Wat
ons betref, ons wag gretig deur
gees op die regverdigheid as
gevolg van geloof, waarop ons
hoop.[c] **6** Want met betrek-
king tot Christus Jesus het nie
besnydenis of onbesnedenheid
enige waarde nie,[d] maar geloof[e]
wat deur liefde werk.[f]

**7** Julle het goed gehard-
loop.[g] Wie het julle verhinder
om die waarheid te bly gehoor-
saam?[h] **8** Hierdie soort oor-
reding kom nie van die Een
wat julle roep nie.[i] **9** ’n Bie-
tjie suurdeeg deursuur die hele
deeg.[j] **10** Ek het die vaste
vertroue[k] aangaande julle wat
in eenheid[l] met die Here is, dat
julle nie anders sal begin dink
nie; maar hy wat onder jul-
le onrus stook,[m] sal sy oor-
deel dra,[n] ongeag wie hy is.
**11** Wat my betref, broers, as
ek nog die besnydenis verkon-
dig, waarom word ek nog ver-
volg? Dan is die folterpaal[o]
as struikelblok[p] inderdaad tot
niet gemaak.[q] **12** Ek wens
dat die manne wat julle pro-
beer omkeer[r] hulleself wou
laat ontman.[s]

**13** Julle is natuurlik tot vry-
heid geroep,[t] broers; moet net
nie hierdie vryheid as ’n aanlei-
ding vir die vlees gebruik nie,[u]
maar dien mekaar soos slawe
deur liefde.[v] **14** Want die hele
Wet word in een gesegde ver-
vul,[w] naamlik: “Jy moet jou
naaste liefhê soos jouself.”[x]
**15** Maar pas op dat julle, as jul-
le aanhou om mekaar te byt en
te verslind,[y] nie deur mekaar
verdelg word nie.[z]

**HFST. 4**

a 1Ko 10:11
b Heb 8:7
c Eks 19:23
d Eks 19:18
Heb 12:18
e Jes 61:1
Joh 8:35
f Jes 54:5
Ga 4:31
g Ge 3:15
Jes 54:13
Flp 3:20
Op 12:1
h Jes 54:1
i Ro 9:8
Ga 3:29
j Ge 21:9
2Ti 3:12
k Ga 5:11
Ga 6:12
l Ge 21:10
m Ro 6:14
n Joh 8:36
Ga 5:13

**HFST. 5**

o Joh 8:32
Ro 6:18
p 1Ko 16:13
Flp 4:1
q Han 15:10
r Han 15:1
Ga 6:12
s Ro 2:25
Ga 3:10

**Tweede kol.**

a Ro 3:20
Ro 4:4
Ro 9:31
b Ro 11:6
Heb 12:15
c Ro 8:23
d 1Ko 7:19
Ga 2:3
Ga 6:15
Kol 3:11
e Ro 3:22
Jak 2:18
f 1Te 1:3
1Ti 1:5
g 1Ko 9:24
Ga 3:3
h Ro 2:8
Ro 6:17
2Ko 10:5
i Ga 1:6
j De 17:7
1Ko 5:6
1Ko 15:33
2Ti 2:17
2Pe 2:2
k 2Ko 2:3
l Joh 17:21
Ga 3:28
m Ga 1:7
n 2Ko 11:15
o Flp 3:18
p 1Ko 1:23
q Joh 15:19
r Han 15:1
s De 23:1
t Joh 8:36
Ro 6:22
u 1Ko 8:9
1Pe 2:16
2Pe 2:19
v 1Ko 9:19

w Ro 13:8; x Le 19:18; Mt 7:12; Mt 22:39; Jak 2:8; y Jak 3:14; z Spr 24:29; Jak 4:2.

**16** Maar ek sê: Hou aan om
deur gees te wandel,[a] en jul-
le sal hoegenaamd geen vlees-
like begeerte uitvoer nie.[b]
**17** Want die vlees is, wat sy be-
geerte betref, teen die gees,[c] en
die gees teen die vlees; want
hulle is in stryd met mekaar, so-
dat julle juis dié dinge wat jul-
le graag wil doen, nie doen nie.[d]
**18** Wat meer is, as julle deur
gees gelei word,[e] is julle nie on-
der die wet nie.[f]

**19** En die werke van die
vlees is openbaar,[g] en dit is hoe-
rery,[h] onreinheid, losbandige
gedrag,[i] **20** afgodediens, die
beoefening van spiritisme,[j] vy-
andskappe, twis, jaloesie, vlae
van toorn, rusies, verdeeld-
hede, sektes, **21** afgunstighe-
de, dronkenskap,[k] swelgerye en
soortgelyke dinge. Aangaande
hierdie dinge waarsku ek julle
vooruit, net soos ek julle reeds
vooruit gewaarsku het, dat dié
wat sulke dinge beoefen,[l] God
se koninkryk nie sal beërf nie.[m]

**22** Die vrugte[n] van die gees,
daarenteen, is liefde, vreugde,
vrede, lankmoedigheid, goed-
hartigheid, goedheid,[o] geloof,
**23** sagmoedigheid, selfbeheer-
sing.[p] Teen sulke dinge is daar
geen wet nie.[q] **24** Wat meer
is, dié wat aan Christus Jesus
behoort, het die vlees saam met
sy hartstogte en begeertes aan
die paal gehang.[r]

**25** As ons deur gees lewe,
laat ons dan voortgaan om ook
deur gees ordelik te wandel.[s]
**26** Laat ons nie egotisties word
en wedywering[t] met mekaar
aanwakker en afgunstig op me-
kaar wees nie.[u]

**6** Broers, selfs al begaan
iemand die een of ander
misstap[v] voordat hy daarvan
bewus is, moet julle wat gees-
telik[w] bekwaam is, so iemand
in 'n gees van sagmoedigheid[a]
probeer reghelp, terwyl jy op
jouself let,[b] sodat jy nie ook ver-
soek word nie.[c] **2** Hou aan om
mekaar se laste te dra,[d] en ver-
vul só die wet van die Chris-
tus.[e] **3** Want as iemand dink
dat hy iets is, terwyl hy niks is
nie,[f] bedrieg hy sy eie verstand.
**4** Maar laat elkeen sy eie werk
op die proef stel,[g] en dan sal hy
net met betrekking tot homself
rede tot vreugde hê, en nie in
vergelyking[h] met die ander per-
soon nie. **5** Want elkeen sal
sy eie vrag dra.[i]

**6** Daarbenewens moet elk-
een wat mondeling[j] in die woord
onderrig word, in alle goeie
dinge deel[k] met die een wat sul-
ke mondelinge onderrig gee.[l]

**7** Moenie mislei word nie:[m]
God laat hom nie bespot nie.[n]
Want wat 'n mens saai, dit sal
hy ook maai;[o] **8** want hy wat
met die oog op sy vlees saai, sal
verderwing uit sy vlees maai,[p]
maar hy wat met die oog op die
gees saai,[q] sal ewige lewe uit die
gees maai.[r] **9** Laat ons der-
halwe nie ophou om te doen wat
goed is nie,[s] want op die reg-
te tyd sal ons maai as ons nie
moeg word nie.[t] **10** Ja, solank
ons die geleentheid het,[u] laat
ons dan aan almal goed doen,
maar veral aan dié wat in die
geloof aan ons verwant is.[v]

**11** KYK met watter groot let-
ters het ek met my eie hand aan
julle geskryf.[w]

**12** Almal wat 'n innemende
vertoning in die vlees wil maak,
dié probeer julle dwing om be-
sny te word,[x] net sodat hulle nie

**HFST. 5**
a Ro 8:5, Ro 8:13
b Ro 6:12, 1Pe 2:11
c Ro 8:4
d Ro 7:15, Ro 7:19, Ro 7:23
e Ro 8:14
f Ro 6:14, Ro 8:2
g Spr 20:11, 1Ko 3:3
h 1Ko 5:9, Ef 5:3, Kol 3:5, Op 2:20
i Le 18:17, Mr 7:22, Ef 4:19, 2Pe 2:2, Jud 4
j Le 19:26, Le 19:31, De 18:11
k De 21:20, Jes 5:11, 1Pe 4:3
l Ro 8:13, 2Ko 12:21
m 1Ko 6:9
n Flp 1:11, Kol 1:10
o Ef 5:9
p Jak 3:17
q 1Ti 1:9
r Ro 6:6, 1Pe 2:11
s Ro 8:4
t Pr 4:4, 1Ko 4:7, Ga 6:4
u Flp 2:3

**HFST. 6**
v Le 4:2, Mt 18:15, Ro 11:11
w 1Ko 2:15

**Tweede kol.**
a Spr 15:1, 1Ko 4:21, Kol 3:12, 1Ti 6:11, Tit 3:2
b 1Ko 10:12
c 1Ko 7:5, Jak 3:2
d Ro 15:1, 2Ko 11:29, 1Te 5:14
e Joh 13:34, Joh 15:12, 1Jo 4:21
f Ro 12:3, 1Ko 8:2, 2Ko 3:5, 2Ko 12:11
g 1Ko 11:28, 2Ko 13:5
h Ga 5:26
i Ro 14:4, 2Ko 5:10
j Lu 1:4, Han 18:25

k Le 8:31; Lu 10:7; Ro 15:27; 1Ko 9:11; Heb 13:16; l Nu 18:31; Mt 10:10; 1Ko 9:14; m Jak 1:16; n Job 13:9; o Lu 16:25; Ro 2:6; p Ro 8:6; q Joh 6:63; Ro 8:13; r Jes 3:10; s 2Te 3:13; t Heb 3:14; Heb 12:3; Op 2:10; u Joh 9:4; Kol 4:5; v Ef 2:19; w 1Ko 16:21; x Ga 2:3.

ter wille van die folterpaal van die Christus,[a] Jesus, vervolg sal word nie. **13** Want nie eens dié wat besny word, onderhou die Wet nie,[b] maar hulle wil hê dat julle besny moet word sodat hulle rede kan hê om in julle vlees te roem. **14** Mag dit nooit gebeur dat ek roem nie, behalwe oor die folterpaal[c] van ons Here Jesus Christus, deur middel van wie die wêreld vir my aan die paal gehang is[d] en ek vir die wêreld. **15** Want nie besnydenis of onbesnedenheid is iets nie,[e] maar ’n nuwe skepping[a] is iets. **16** En mag daar vrede en barmhartigheid op almal rus wat ordelik sal wandel volgens hierdie gedragsreël, ja, op die Israel van God.[b]

**17** Voortaan moet niemand my moeite aandoen nie, want ek dra die brandmerke[c] van ’n slaaf van Jesus[d] aan my liggaam.

**18** Mag die onverdiende goedhartigheid van ons Here Jesus Christus wees met die gees[e] wat julle openbaar, broers. Amen.

**HFST. 6**
a Ga 5:11; Flp 3:18
b Jak 2:10
c Lu 14:27; 1Ko 2:2
d Ro 6:6
e Ga 5:6

**Tweede kol.**
a 2Ko 5:17; Ef 2:10
b Ps 125:5; Ps 128:6; Ro 9:6
c Jes 3:24
d 2Ko 4:10; Flp 3:10
e 2Ti 4:22; Flm 25

AAN DIE
# EFESIËRS

**1** Paulus, ’n apostel[a] van Christus Jesus deur God se wil,[b] aan die heiliges wat in E′fese is en die getroues[c] in eenheid[d] met Christus Jesus:

**2** Mag julle onverdiende goedhartigheid[e] en vrede[f] hê van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.

**3** Mag die God en Vader van ons Here Jesus Christus[g] geloof word, want hy het ons geseën[h] met elke geestelike seën in die hemelse plekke[i] in eenheid met Christus, **4** net soos hy ons in eenheid met hom voor die grondlegging[j] van die wêreld uitgekies het,[k] dat ons heilig en sonder smet[l] voor hom moet wees in liefde.[m] **5** Want hy het ons voorbestem[n] tot die aanneming[o] as kinders[p] vir homself deur middel van Jesus Christus, volgens die welbehae van sy wil,[q] **6** tot lof[r] van sy glorieryke onverdiende goedhartigheid[s] wat hy ons goedgunstig deur middel van sy geliefde[a] geskenk het. **7** Deur middel van hom het ons die bevryding deur ’n losprys deur die bloed[b] van daardie een, ja, die vergifnis[c] van ons oortredings, volgens die rykdom van sy onverdiende goedhartigheid.[d]

**8** Dit het hy oorvloedig teenoor ons laat word in alle wysheid[e] en verstandigheid, **9** deurdat hy die heilige geheim[f] van sy wil aan ons bekend gemaak het. Dit is volgens sy welbehae wat hy in homself voorgeneem het[g] **10** om aan die voleinding van die vasgestelde tye[h] ’n administrasie[i] te hê, naamlik om alles weer byeen te bring[j] in die Christus,[k] die dinge in die hemele[l] en die dinge op die aarde.[m] Ja, in hom, **11** in eenheid met wie ons ook as erfgename[n] aange-

**HFST. 1**
a 1Ko 1:1
b 2Ko 1:1
c Op 2:3
d Joh 15:4; Joh 15:5
e Joh 1:17; Ro 3:24; 1Ko 1:4
f Joh 14:27
g 2Ko 1:3
h Ga 3:14
i Ef 2:6
j 1Pe 1:20
k Jes 43:10; Joh 17:24; Jud 1
l Ef 5:27; Kol 1:22
m Jak 2:5
n 2Te 2:13; 1Pe 1:2
o Ro 8:15; Ro 8:29; Ga 4:5
p Ro 8:23
q Ro 8:28
r Jes 43:21
s Ro 3:24

**Tweede kol.**
a Joh 3:35
b Han 20:28; Ro 3:25; Op 5:9
c Han 13:38; Kol 1:14; Kol 2:13
d Joh 1:16
e Kol 1:9
f Ro 16:25; 1Ko 4:1

**g** 2Ti 1:9; **h** Lu 21:24; Han 1:7; **i** Jes 32:1; Ef 3:9; Heb 3:6; Op 20:6; **j** Ps 50:5; **k** 1Ko 15:28; Kol 1:20; **l** 1Pe 1:4; **m** Joh 10:16; Flp 2:10; **n** Ro 8:17; Ef 3:6; 1Pe 3:7.

wys is, deurdat ons voorbestem
is ooreenkomstig die voorneme
van hom wat alles werk vol-
gens die raadsbesluit van sy
wil,[a] **12** sodat ons tot lof van
sy heerlikheid sal dien,[b] ons
wat eerste op die Christus ge-
hoop het.[c] **13** Maar ook julle
het op hom gehoop nadat jul-
le die woord van waarheid,[d] die
goeie nuus oor julle redding,[e]
gehoor het. Deur middel van
hom is julle ook, nadat julle ge-
glo het, met die beloofde heilige
gees[f] verseël,[g] **14** wat 'n voor-
uitgegewe pand[h] van ons erfe-
nis[i] is, met die oog op die bevry-
ding van God se eie besitting[j]
deur 'n losprys,[k] tot lof van sy
heerlikheid.

**15** Dit is waarom ook ek,
aangesien ek gehoor het van
die geloof wat julle in die Here
Jesus en teenoor al die heiliges
het,[l] **16** nie ophou om vir jul-
le te dank nie. Ek hou aan om
julle in my gebede te meld,[m]
**17** dat die God van ons Here Je-
sus Christus, die Vader van die
heerlikheid, julle 'n gees van
wysheid[n] en van openbaring in
die juiste kennis van hom sal
gee;[o] **18** sodat julle, deurdat
die oë[p] van julle hart verlig is,[q]
kan weet wat die hoop[r] is waar-
toe hy julle geroep het, wat die
glorieryke rykdom[s] is wat hy as
erfenis vir die heiliges[t] bewaar
**19** en wat die allesoortreffen-
de grootheid van sy krag[u] teen-
oor ons, die gelowiges, is. Dit
is volgens die werking[v] van die
mag van sy sterkte, **20** waar-
mee hy in die geval van die
Christus gewerk het toe hy
hom uit die dode opgewek[w]
en hom aan sy regterhand[x] in
die hemelse plekke[y] laat sit het,
**21** ver bo elke regering en ge-
sag en mag en heerskappy[z] en
elke naam wat genoem word,[a]
nie net in hierdie stelsel van
dinge nie,[a] maar ook in die toe-
komstige.[b] **22** Hy het ook al-
les onder sy voete onderwerp[c]
en hom hoof oor alles gemaak[d]
met betrekking tot die gemeen-
te, **23** wat sy liggaam is,[e] die
volheid[f] van hom wat alles in al-
mal vervul.[g]

**2** Verder het God júlle lewend
gemaak, hoewel julle dood
was in julle oortredings en son-
des,[h] **2** waarin julle vroeër
volgens die stelsel[i] van dinge
van hierdie wêreld gewandel
het, volgens die heerser[j] van
die gesag van die lug, die gees[k]
wat nou in die seuns van die on-
gehoorsaamheid werk.[l] **3** Ja,
onder hulle het ons almal ons
vroeër in ooreenstemming met
die begeertes van ons vlees ge-
dra,[m] terwyl ons die dinge ge-
doen het wat volgens die wil
van die vlees[n] en die gedag-
tes was, en ons was van natu-
re kinders van die gramskap,[o]
net soos die res. **4** Maar God,
wat ryk is in barmhartigheid,[p]
het ons weens sy groot liefde
waarmee hy ons liefgehad het,[q]
**5** saam met die Christus le-
wend gemaak, selfs toe ons
dood was in oortredings[r]—jul-
le is deur onverdiende goedhar-
tigheid gered[s]— **6** en hy het
ons saam opgewek[t] en saam
laat sit in die hemelse plekke[u]
in eenheid met Christus Jesus,
**7** sodat die allesoortreffende
rykdom[v] van sy onverdiende
goedhartigheid in sy goedguns-
tigheid teenoor ons wat in een-
heid[w] met Christus Jesus is, in
die komende[x] stelsels van dinge
getoon kan word.

**8** Ja, deur hierdie onverdien-
de goedhartigheid is julle deur
middel van geloof gered;[y] en dit

**HFST. 1**
a Jes 46:10, Ro 8:28
b Ef 3:21
c Jak 1:18
d Kol 1:5
e 1Ti 2:4
f Ga 3:2
g 2Ko 1:22, Ef 4:30, Op 7:4
h 2Ko 5:5
i 1Pe 1:4
j 1Pe 2:9
k Ro 8:23, Kol 1:14, 1Ti 2:6
l Kol 1:4
m Ro 1:9
n Spr 2:6
o Kol 1:9, 1Ti 2:4
p Lu 10:23
q 2Ko 3:16
r 1Pe 1:3
s Kol 1:27
t De 33:3
u 2Ko 13:4
v Kol 1:29
w Han 2:24
x Ps 110:1, Han 7:55
y Ef 2:6, Heb 7:26
z 1Ko 15:24, Kol 2:10, Heb 1:4
a Han 4:12, Flp 2:9

**Tweede kol.**
a 1Ko 2:6
b Heb 6:5
c Ps 8:6
d Mt 28:18, Ef 5:23, Kol 1:18
e Ro 12:5, Ef 4:16
f Ro 11:25
g Kol 3:11

**HFST. 2**
h Mt 8:22, Kol 2:13, 1Ti 5:6, 1Pe 4:6
i Ro 12:2, Ef 4:17
j Joh 12:31
k 1Ko 2:12, Jak 4:5
l Mt 13:38, Kol 3:6, 1Jo 2:16
m 1Ko 6:11
n Mt 26:41, 1Pe 4:3
o Joh 3:36
p Ps 145:9, Jes 54:10, Ro 10:12
q Ro 5:8, 1Jo 4:9, 1Jo 4:19
r Kol 2:13
s Joh 1:17
t Kol 2:12

u Ef 1:3; 1Pe 1:4; v Ef 1:7; w Joh 17:21; x Heb 6:5; y Ro 4:16.

is nie aan julle te danke nie,[a] dit is God se gawe.[b] **9** Nee, dit is nie aan werke te danke nie,[c] sodat geen mens rede sou hê om te roem nie.[d] **10** Want ons is ’n produk van sy werk[e] en is in eenheid[f] met Christus Jesus geskep[g] vir goeie werke,[h] wat God vooruitberei[i] het vir ons om in te wandel.

**11** Hou dus in gedagte dat julle vroeër ten opsigte van die vlees mense van die nasies was;[j] julle is “onbesnedenheid” genoem deur dit wat “besnydenis” genoem word, wat in die vlees met hande verrig word[k]— **12** dat julle in dié tyd sonder Christus was,[l] vervreemd[m] van die staat Israel en vreemdelinge ten opsigte van die verbonde van die belofte,[n] en julle het geen hoop gehad nie[o] en was sonder God in die wêreld.[p] **13** Maar julle wat eens ver weg was, het nou in eenheid met Christus Jesus naby gekom deur die bloed[q] van die Christus. **14** Want hy is ons vrede,[r] hy wat die twee partye[s] een gemaak[t] en die tussenmuur[u] wat hulle geskei het,[v] vernietig het. **15** Deur middel van sy vlees[w] het hy die vyandskap,[x] die Wet van gebooie wat in verordeninge bestaan,[y] tot niet gemaak, sodat hy die twee volke[z] in eenheid met homself tot een nuwe mens[a] kon skep en vrede kon maak; **16** en sodat hy deur die folterpaal[b] albei volke in een liggaam[c] ten volle met God kon versoen,[d] omdat hy die vyandskap[e] deur middel van homself gedood het. **17** En hy het gekom en die goeie nuus van vrede[f] bekend gemaak aan julle, dié wat ver weg was, en vrede aan dié wat naby was,[g] **18** want deur middel van hom het ons, albei volke,[h] deur een gees[a] die toegang[b] tot die Vader.

**19** Julle is dus beslis nie meer vreemdelinge[c] en inwonende vreemdelinge[d] nie, maar julle is medeburgers[e] van die heiliges[f] en lede van die huisgesin[g] van God, **20** en julle is opgebou op die fondament[h] van die apostels[i] en profete,[j] terwyl Christus Jesus self die fondamenthoeksteen[k] is. **21** In eenheid met hom groei die hele gebou, wat harmonies saamgevoeg is,[l] tot ’n heilige tempel vir Jehovah.[m] **22** In eenheid met hom[n] word julle ook saam opgebou tot ’n plek vir God om deur gees te bewoon.[o]

**3** Daarom is dit dat ek, Paulus, die gevangene[p] van Christus Jesus ten behoewe van julle, die mense van die nasies[q]— **2** as julle werklik gehoor het van die bestuurderskap[r] van die onverdiende goedhartigheid van God wat met die oog op julle aan my gegee is, **3** dat die heilige geheim deur ’n openbaring aan my bekend gemaak is,[s] net soos ek vantevore kortliks geskryf het. **4** Met die oog hierop kan julle, wanneer julle hierdie brief lees, ’n begrip kry van die insig[t] wat ek in die heilige geheim[u] van die Christus het. **5** In ander geslagte is hierdie geheim[v] nie aan die mensekinders bekend gemaak soos dit nou deur gees aan sy heilige apostels en profete[w] geopenbaar is nie,[x] **6** naamlik dat mense van die nasies mede-erfgename moet wees en medelede van die liggaam[y] en deelgenote met ons van die belofte[z] in eenheid met Christus Jesus

HFST. 2

a Joh 6:44
b Joh 1:12
c Ro 3:20; Jak 2:22
d 1Ko 1:29
e 2Ko 5:5
f Ef 1:4
g Ga 6:15
h Kol 1:10
i Ef 1:5
j 1Ko 12:2
k Jos 5:3
l Ef 4:18
m Kol 1:21
n Ro 9:4
o 1Te 4:13
p Jes 65:1
q Heb 10:19
r Kol 1:20
s Le 20:26
t Han 10:35; Ro 11:24; Kol 3:11
u Kol 2:14
v Ef 2:12
w Ro 8:3
x Mr 7:28
y De 4:8
z Ro 2:10
a 1Ko 12:12
b Heb 12:2
c Ga 3:28; Ef 4:4
d Kol 1:22
e Han 10:28
f Jes 52:7
g Jes 57:19
h Ro 10:12

Tweede kol.

a 1Ko 12:13
b Heb 7:25
c Ef 2:12
d Heb 11:13
e Flp 3:20
f Kol 1:12
g Jes 56:5; 1Ti 3:15; Heb 3:6
h 1Ko 3:10
i Op 21:14
j 1Ko 12:28
k Jes 28:16
l Kol 2:19
m Sag 6:12; 1Ko 3:16; 1Ko 6:19
n Joh 17:23
o 1Pe 2:5

HFST. 3

p Ef 4:1; Ef 6:20
q 1Te 2:16; 2Ti 4:17
r 1Ko 9:17; Kol 1:25
s Kol 1:26
t 2Ko 11:6
u 1Ko 4:1; Ef 6:19
v Kol 1:26
w Mt 16:17; Ef 2:20

x Ro 11:25; Ro 16:25; y Ef 2:16; z Lu 24:49; Han 1:8; Ga 3:14.

deur middel van die goeie nuus.
**7** Ek het ’n bedienaar[a] hiervan
geword ooreenkomstig die vrye
gawe van die onverdiende goed-
hartigheid van God wat aan
my gegee is ooreenkomstig die
wyse waarop sy krag werk.[b]

**8** Aan my, iemand wat ge-
ringer is as die geringste[c] van
alle heiliges, is hierdie onver-
diende goedhartigheid[d] gegee,
sodat ek die goeie nuus oor
die onpeilbare rykdom[e] van die
Christus aan die nasies[f] be-
kend sou maak **9** en mense
sou laat sien hoe die heilige ge-
heim[g] uitgevoer word,[h] wat van
die onbepaalde verlede af ver-
borge was in God, wat alles ge-
skep het.[i] **10** Dit het geskied
sodat die uiters veelsydige wys-
heid van God[j] nou deur middel
van die gemeente[k] aan die re-
gerings en die owerhede[l] in die
hemelse plekke bekend gemaak
kan word, **11** volgens die ewi-
ge voorneme wat hy gevorm
het in verband met die Chris-
tus,[m] Jesus ons Here, **12** deur
middel van wie ons hierdie vry-
moedigheid van spraak en toe-
gang[n] met vertroue deur ons
geloof in hom het. **13** Derhal-
we vra ek julle om nie moed op
te gee weens hierdie verdruk-
kinge[o] van my ten behoewe van
julle nie, want dit beteken heer-
likheid vir julle.

**14** Om dié rede buig ek
my knieë[p] voor die Vader,[q]
**15** aan wie elke familie[r] in die
hemel en op die aarde sy naam
te danke het,[s] **16** dat hy oor-
eenkomstig die rykdom[t] van
sy heerlikheid aan julle sal gee
om met krag deur middel van
sy gees[u] sterk gemaak te word
in die mens wat julle inner-
lik is,[v] **17** sodat die Christus
deur julle geloof in julle harte
kan woon met liefde;[w] dat julle
gewortel[a] kan wees en gegrond
op die fondament,[b] **18** sodat
julle heeltemal in staat kan
wees om saam met al die heili-
ges verstandelik te begryp[c]
wat die breedte en lengte en
hoogte en diepte[d] is, **19** en
om die liefde van die Christus[e]
te ken, wat kennis oortref, so-
dat julle vervul kan word met
al die volheid[f] wat God gee.

**20** En aan hom wat, ooreen-
komstig sy krag wat in ons aan
die werk is,[g] oneindig meer kan
doen as alles wat ons vra of
wat ons ons voorstel,[h] **21** aan
hom die heerlikheid deur mid-
del van die gemeente en deur
middel van Christus Jesus tot
in alle geslagte, vir ewig en al-
tyd.[i] Amen.

**4** Ek, die gevangene[j] in die
Here, versoek julle dan
dringend om te wandel op ’n
wyse wat die roeping waarmee
julle geroep is,[k] waardig is,[l]
**2** met algehele ootmoed[m] en
sagmoedigheid, met lankmoe-
digheid,[n] terwyl julle mekaar
in liefde verdra[o] **3** en ywerig
daarna streef om die eenheid
van die gees in die verenigen-
de band van vrede te bewaar.[p]
**4** Daar is een liggaam[q] en een
gees,[r] net soos julle geroep is in
die een hoop[s] waartoe julle ge-
roep is; **5** een Here,[t] een ge-
loof,[u] een doop;[v] **6** een God[w]
en Vader van almal, wat oor al-
mal en deur almal en in almal is.

**7** Aan elkeen van ons is daar
dan nou onverdiende goedhar-
tigheid[x] gegee ooreenkomstig
die wyse waarop die Christus
die vrye gawe toegemeet het.[y]
**8** Derhalwe sê hy: “Toe hy na
bo opgevaar het, het hy gevan-
genes weggevoer; hy het gawes
in die vorm van mense gegee.”[z]

**HFST. 3**

a Ro 12:7; Kol 1:25
b Ro 15:15
c 1Ko 15:9
d 1Ti 1:14
e Kol 1:27
f Ga 1:16
g 1Ko 2:7; Ef 1:9
h Ef 1:10; Kol 1:18
i Jes 40:28; Kol 1:16; Heb 1:2
j Ro 11:33
k 1Pe 1:12; 1Pe 2:9
l 1Pe 3:22
m Ef 1:11
n Joh 14:6; Ro 5:2; Heb 4:16
o Han 14:22; 2Ti 2:10
p Han 20:36
q Ef 1:3
r Jes 54:1
s Jes 54:5; Jes 62:2
t Ro 9:23; Flp 4:19
u Ro 15:19
v Ro 7:22; 2Ko 4:16
w Joh 14:23

**Tweede kol.**

a Kol 2:7
b Kol 1:23
c Joh 17:3; Ef 1:18
d Ro 11:33
e Ro 8:35
f Joh 1:16; Kol 2:9
g Kol 1:29
h Mr 11:24; 1Ko 2:9
i Heb 13:21

**HFST. 4**

j Ef 6:20; Flm 9
k Ro 8:30
l Flp 1:27
m Mt 11:29; Han 20:19; Ro 12:3; Flp 2:3; 1Pe 5:5
n 2Ko 6:6; 1Te 5:14
o 1Ko 13:4
p Ro 15:6; 1Ko 1:10; Flp 1:27; Kol 3:15
q Ro 12:5; Ef 2:16
r 1Ko 12:4
s 1Pe 1:3
t 1Ko 8:6; 1Ko 12:5
u 2Ko 4:13
v Mt 28:19
w 1Ko 8:6; 1Ko 12:6

x Ro 12:3; y Ro 12:6; 1Ko 12:11; 2Ko 9:15; z Ps 68:18; 1Ko 12:28; Ef 4:11.

9 Wat beteken die uitdrukking
‘hy het opgevaar’[a] dan nou an-
ders as dat hy ook tot in die laer
dele, dit wil sê die aarde, neer-
gedaal het?[b] 10 Dieselfde een
wat neergedaal het, is ook die
een wat ver bo al die hemele[c]
opgevaar het,[d] om volheid[e] aan
alles te gee.
11 En hy het party as apos-
tels[f] gegee, party as profete,[g]
party as evangeliedienaars,[h]
party as herders en onderrig-
ters,[i] 12 om die heiliges reg
te help,[j] vir bedieningswerk, vir
die opbouing van die liggaam
van die Christus,[k] 13 totdat
ons almal kom tot die eenheid
in die geloof en in die juiste ken-
nis van die Seun van God, tot
’n volgroeide[l] man, tot die ma-
te van die groei wat tot die vol-
heid van die Christus behoort;[m]
14 sodat ons nie langer klein
kindertjies moet wees nie, wat
rondgeslinger word[n] soos deur
golwe en hiernatoe en daarna-
toe gevoer word deur elke wind
van lering[o] deur middel van
die bedrieëry[p] van mense, deur
middel van listigheid in die ver-
sinning van dwaling. 15 Maar
laat ons, terwyl ons die waar-
heid praat,[q] deur liefde in alles
opgroei[r] in hom wat die hoof[s]
is, Christus. 16 Uit hom be-
vorder die hele liggaam[t] die
groei van die liggaam vir sy
eie opbouing in liefde,[u] deur-
dat dit harmonies saamgeheg
is en tot samewerking gebring
word deur middel van elke ge-
wrig wat gee wat nodig is, vol-
gens die werking van elke on-
derskeie lid in die regte mate.
17 Dít sê ek dan en getuig
ek van in die Here, dat julle
nie langer aanhou wandel soos
ook die nasies[v] in die nutteloos-
heid van hulle verstand wandel
nie,[w] 18 terwyl hulle verstan-
delik in duisternis is[a] en ver-
vreemd is[b] van die lewe wat tot
God behoort, weens die onkun-
de[c] wat in hulle is, weens die
ongevoeligheid[d] van hulle hart.
19 Aangesien hulle alle sede-
likheidsgevoel verloor het,[e] het
hulle hulle aan losbandige[f] ge-
drag oorgegee om met hebsug[g]
elke soort onreinheid[h] te be-
dryf.
20 Maar julle het die Chris-
tus nie so leer ken nie,[i]
21 mits julle hom natuur-
lik gehoor het en deur mid-
del van hom geleer is,[j] net
soos die waarheid[k] in Jesus is,
22 dat julle die ou persoonlik-
heid moet aflê,[l] wat met julle
vroeëre lewenswandel ooreen-
kom en wat volgens sy bedrieg-
like begeertes[m] verderf word;[n]
23 maar dat julle vernuwe
moet word in die krag wat julle
verstand aandryf[o] 24 en julle
met die nuwe persoonlikheid[p]
moet beklee,[q] wat na God se wil
in ware regverdigheid[r] en lojali-
teit geskep is.[s]
25 Noudat julle onwaarheid
afgelê het,[t] moet julle derhalwe
die waarheid praat, elkeen van
julle met sy naaste,[u] want ons is
lede wat aan mekaar behoort.[v]
26 Wees toornig, en moet nog-
tans nie sondig nie;[w] laat die
son nie ondergaan terwyl jul-
le in ’n ergerlike gemoedstem-
ming is nie,[x] 27 en moet ook
nie plek toelaat vir die Dui-
wel nie.[y] 28 Laat die steler
nie meer steel nie,[z] maar laat
hom liewer hard werk deur met
sy hande goeie werk te doen,[a]
sodat hy iets kan hê om uit
te deel aan iemand wat gebrek
het.[b] 29 Laat ’n slegte woord
nie uit julle mond uitgaan nie,[c]
maar net ’n woord wat goed
is vir opbouing waar dit no-
dig is, sodat dit iets gunstigs

**HFST. 4**
a Joh 3:13; Han 2:31
b Mt 12:40
c Heb 4:14; Heb 9:24
d Han 1:9; 1Ti 3:16
e Kol 1:19
f Mt 10:2
g 1Ko 12:28
h Han 21:8
i Han 13:1; Jak 3:1
j 1Ko 12:7
k 1Ko 14:26
l 1Ko 14:20
m Kol 1:28
n Heb 6:19; Jak 1:6
o Kol 2:18; Heb 13:9; 1Pe 2:1
p 2Ko 11:13
q 1Jo 3:18
r Jak 1:4
s 1Ko 11:3; Kol 1:18
t 1Ko 12:27
u Kol 2:19
v 1Pe 4:3
w Ro 1:21

**Tweede kol.**
a Han 26:18
b Ga 4:8; Ef 2:12; Kol 1:21
c Han 17:30
d Ro 11:25
e Ro 1:28
f 2Ko 12:21; Ga 5:19; Jud 4
g Jes 56:11
h Ro 1:26
i 1Te 4:4; Heb 7:26
j 1Te 4:1
k Joh 1:14
l Ro 6:6; Kol 3:9
m Ro 7:23
n Ro 8:13
o Ps 51:10; Ese 11:19; Ese 18:31; Ro 12:2
p Kol 3:10
q Ga 3:27
r Ps 45:7; Ro 1:17
s Ef 2:10
t Han 5:2; Kol 3:8
u Sag 8:16; Kol 3:9; Op 21:8
v Ro 12:5
w Ps 4:4
x Le 19:17; Kol 3:13; 1Pe 4:8
y Jak 4:7
z De 5:19
a 1Te 4:11; 2Te 3:10
b Han 20:35
c Mt 15:11; Jak 3:10

aan die hoorders kan meedeel.[a]
30 En moenie God se heilige
gees, waarmee julle verseël is[b]
vir ’n dag van bevryding deur
’n losprys,[c] bedroef nie.[d]

31 Laat alle kwaadwillige
bitterheid[e] en toorn en gram-
skap en geskreeu en smaden-
de taal[f] van julle af weggeneem
word, saam met alle slegtheid.[g]
32 Maar word goedhartig[h]
teenoor mekaar, vol tere mede-
lye,[i] en vergewe mekaar vrye-
lik net soos God julle ook deur
Christus vryelik vergewe het.[j]

5 Word dan navolgers van
God,[k] as geliefde kinders,
2 en gaan voort om in liefde
te wandel,[l] net soos die Chris-
tus julle ook liefgehad het[m] en
homself vir julle oorgegee het
as ’n offergawe[n] en ’n offeran-
de aan God tot ’n welriekende
geur.[o]

3 Laat hoerery[p] en elke
soort onreinheid of hebsug[q] nie
eens onder julle genoem word
nie,[r] net soos dit heilige men-
se betaam;[s] 4 ook nie skan-
delike gedrag[t] of dwase praat-
jies of onwelvoeglike[u] skertsery
nie, dinge wat nie betaamlik is
nie, maar eerder danksegging.[v]
5 Want julle weet dit, en julle
besef dit self, dat geen hoereer-
der[w] of onreine of gierigaard[x]
—wat beteken om ’n afgodedie-
naar te wees—enige erfenis in
die koninkryk van die Christus
en van God het nie.[y]

6 Laat geen mens julle met
leë woorde bedrieg nie,[z] want
weens die voormelde dinge kom
die gramskap van God oor die
kinders van die ongehoorsaam-
heid.[a] 7 Moet dus nie hulle
deelgenote word nie;[b] 8 want
julle was eens duisternis,[c] maar
julle is nou lig[d] in verband
met die Here. Gaan voort om
as kinders van die lig te wan-
del, 9 want die vrug van die
lig bestaan uit elke soort goed-
heid en regverdigheid en waar-
heid.[a] 10 Hou aan om seker
te maak van wat vir die
Here aanneemlik is;[b] 11 en
hou op om saam met hulle deel
te hê[c] aan die onvrugbare wer-
ke wat tot die duisternis be-
hoort,[d] maar wys hulle eerder
tereg,[e] 12 want die dinge wat
in die geheim deur hulle ge-
doen word, is skandelik om selfs
te noem.[f] 13 Al die dinge
wat dan nou tereggewys word,[g]
word deur die lig openbaar ge-
maak, want alles wat openbaar
gemaak word,[h] is lig. 14 Der-
halwe sê hy: “Ontwaak,[i] o sla-
per, en staan op uit die dode,[j] en
die Christus sal op jou skyn.”[k]

15 Let dan voortdurend
streng op hoe julle wandel,[l]
dat dit nie as onwyses is nie,
maar as wyses, 16 terwyl jul-
le die geleë tyd vir julleself uit-
koop,[m] omdat die dae boos is.[n]
17 Hou om dié rede op om onre-
delik te word, maar gaan voort
om te begryp[o] wat die wil[p]
van Jehovah is. 18 En moenie
dronk word[q] van wyn, waar-
in daar losbandigheid is[r] nie,
maar word voortdurend met
gees vervul,[s] 19 en spreek tot
mekaar met psalms[t] en lofliede-
re[u] tot God en geestelike liede-
re, en sing[v] en begelei julle met
musiek[w] in julle hart tot Jeho-
vah, 20 terwyl julle ons God
en Vader altyd vir alles dank[x]
in die naam van ons Here Jesus
Christus.

21 Wees onderdanig aan me-
kaar[y] in die vrees van Christus.
22 Laat vrouens onderdanig[z]

**HFST. 4**

a Kol 4:6
b Ef 1:13
c Ro 8:23
d Jes 63:10; 2Ko 6:1; 1Te 5:19
e Jak 3:14
f Kol 3:8
g Tit 3:2
h Mi 6:8; 2Ko 6:6
i Kol 3:12; 1Pe 3:8
j Mt 6:14; Mt 18:35; Mr 11:25; 2Ko 2:10

**HFST. 5**

k Mt 5:48; Lu 6:36
l 1Ko 16:14
m Joh 13:34; 1Jo 3:23
n Ga 2:20; Heb 10:10
o Eks 29:18; 2Ko 2:15
p 2Ko 12:21
q 1Ko 5:11
r Kol 3:5
s 1Te 4:3
t Ro 1:28
u Ro 1:27; Kol 3:8
v 1Te 5:18
w Han 15:29; Ga 5:19
x 1Ti 3:8; Tit 1:7
y 1Ko 6:9; Ga 5:21
z Kol 2:4; Kol 2:8
a Ef 2:2
b 2Ko 6:14
c Han 26:18; 1Pe 2:9
d Mt 5:16; Joh 12:36; 1Jo 2:9

**Tweede kol.**

a Ga 5:22
b Ro 12:2; Flp 1:10
c Jes 52:11; Ro 16:17; 2Te 3:6; 2Ti 3:5
d Ro 13:12
e Spr 28:23; 1Ti 5:20; Tit 1:9; Tit 1:13; Op 3:19
f Ro 1:26
g Joh 3:20
h 1Ko 4:5
i Jes 26:19; Ro 13:11
j Ef 2:5; Kol 2:13
k Joh 8:12; 2Ti 1:10
l Mt 10:16; 1Ti 4:8; 2Ti 2:22

m Kol 4:5; n 2Ti 3:1; o Ps 143:10; Spr 2:5; Joh 7:17; p Ro 12:2; 1Te 4:3; 1Te 5:18; 1Pe 4:2; q Jes 5:11; r Hab 2:15; s Han 2:4; t Jak 5:13; u Han 16:25; v 1Ko 14:15; Kol 3:16; w Ps 33:2; x Kol 3:17; 1Te 5:18; y Flp 2:3; 1Pe 5:5; z Kol 3:18; Tit 2:5; 1Pe 3:1.

wees aan hulle mans soos
aan die Here, **23** want ’n man
is die hoof van sy vrou,[a] soos
die Christus ook die hoof van
die gemeente is,[b] hy as redder
van hierdie liggaam. **24** Trou-
ens, soos die gemeente aan die
Christus onderdanig is, so moet
vrouens dit ook in alles aan hul-
le mans wees.[c] **25** Mans, hou
aan om julle vrouens lief te
hê,[d] net soos die Christus ook
die gemeente liefgehad en hom-
self daarvoor oorgegee het,[e]
**26** sodat hy dit kon heilig,[f] deur
dit met die waterbad deur mid-
del van die woord te reinig,[g]
**27** sodat hy die gemeente in
die prag daarvan voor hom kon
stel,[h] sonder ’n vlek of ’n rimpel
of iets dergeliks, maar dat dit
heilig en sonder smet sou wees.[i]

**28** Só behoort mans hulle
vrouens lief te hê soos hulle eie
liggaam. Hy wat sy vrou lief-
het, het homself lief, **29** want
geen mens het nog ooit sy eie
vlees gehaat nie; maar hy voed
en koester dit,[j] soos die Chris-
tus ook met die gemeente doen,
**30** want ons is lede van sy
liggaam.[k] **31** “Daarom sal ’n
man sy vader en sy moeder ver-
laat, en hy sal sy vrou aankleef,
en die twee sal een vlees word.”[l]
**32** Hierdie heilige geheim[m] is
groot. Ek spreek dan nou met
betrekking tot Christus en die
gemeente.[n] **33** Maar elkeen
van julle moet ook afsonderlik
sy vrou so liefhê[o] soos homself;
die vrou daarenteen moet diep
respek[p] vir haar man hê.

**6** Kinders, wees gehoorsaam
aan julle ouers[q] in eenheid[r]
met die Here, want dít is reg-
verdig:[s] **2** “Eer jou vader en
jou moeder”;[t] wat die eerste ge-
bod met ’n belofte is:[u] **3** “So-
dat dit met jou goed mag gaan
en jy lank op die aarde
mag bly.”[a] **4** En vaders, moe-
nie julle kinders irriteer nie,[b]
maar hou aan om hulle in die
dissipline[c] en verstandsregule-
ring[d] van Jehovah op te voed.[e]

**5** Slawe, wees gehoorsaam
aan dié wat in vleeslike sin jul-
le here is,[f] met vrees en be-
wing[g] in die opregtheid van jul-
le hart, soos aan die Christus,
**6** nie met oëdiens soos mense-
behaers nie,[h] maar soos Chris-
tus se slawe, wat die wil van
God met hulle hele siel doen.[i]
**7** Wees slawe met goeie nei-
gings, soos vir Jehovah[j] en
nie vir mense nie, **8** want jul-
le weet dat elkeen, hetsy hy ’n
slaaf of vrygeborene[k] is, al die
goeie wat hy doen, van Jehovah
sal terugontvang.[l] **9** En here,
hou aan om dieselfde dinge
teenoor hulle te doen, en laat
staan die dreigemente,[m] want
julle weet dat hy wat hulle so-
wel as julle Heer is,[n] in die he-
mele is, en daar is geen party-
digheid[o] by hom nie.

**10** Laastens, hou aan om
krag te verkry[p] in die Here
en in die mag[q] van sy sterk-
te. **11** Trek die volle wapen-
rusting[r] van God aan, sodat jul-
le kan vasstaan teen die sette[s]
van die Duiwel; **12** want ons
het ’n worstelstryd,[t] nie teen
bloed en vlees nie, maar teen
die regerings,[u] teen die ower-
hede,[v] teen die wêreldheer-
sers[w] van hierdie duisternis,
teen die bose geesmagte[x] in
die hemelse plekke. **13** Neem
daarom die volle wapenrusting
van God op,[y] sodat julle in die
bose dag weerstand kan bied
en, nadat julle alles deeglik ge-
doen het, kan vasstaan.[z]

**HFST. 5**
a Ro 7:2
b 1Ko 11:3
c 1Ko 14:34
d 1Pe 3:7
e Han 20:28 Ga 1:4
f Heb 13:12
g Joh 17:17
h Ps 45:13 Tit 2:14
i 2Ko 11:2 Ef 1:4 Kol 1:22 Heb 10:22 Op 21:27
j 1Ko 7:33
k Ro 12:5 1Ko 6:15 Ef 1:23
l Ge 2:24 Mt 19:5 1Ko 6:16
m Ef 1:9 Ef 3:4 Kol 1:26
n Ef 3:6 Heb 12:23
o Kol 3:19
p 1Pe 3:6

**HFST. 6**
q Spr 1:8 Spr 6:20 Spr 23:22 Kol 3:20
r Joh 17:21
s 1Pe 3:12
t Spr 23:22 Mt 15:4
u Eks 20:12 Spr 20:20

**Tweede kol.**
a De 5:16
b Kol 3:21
c Spr 3:11 Spr 13:24 Spr 19:18 2Ti 3:16
d De 4:9 De 6:7 De 6:20 Spr 2:2 Jes 50:5
e Spr 22:6
f 1Ti 6:1 1Pe 2:18
g Flp 2:12
h Kol 3:22
i Lu 10:27
j 1Ko 10:31
k Ga 3:28
l Ps 24:5 Kol 3:24
m Le 25:43
n 1Ko 7:22
o 2Kr 19:7
p Ef 3:16
q 1Ko 16:13
r Ro 13:12
s Lu 4:13 2Ko 10:5
t 2Ti 4:7
u Ro 8:38
v Da 2:38
w Da 2:39

x Da 10:13; Han 17:22; 2Pe 2:4; Op 16:14; y 2Ko 6:7; z Kol 2:7.

**14** Staan dus vas, julle lende-
ne omgord[a] met waarheid,[b] en
met die borsplaat van regver-
digheid aan,[c] **15** en julle voe-
te geskoei[d] met die toerusting
van die goeie nuus van vrede.[e]
**16** Neem bowenal die groot
skild van geloof op,[f] waarmee
julle al die brandende pyle van
die bose sal kan blus.[g] **17** En
neem die helm[h] van redding
aan, en die swaard[i] van die
gees,[j] dit is God se woord,[k]
**18** terwyl julle met elke vorm
van gebed[l] en smeking aan-
hou om by elke geleentheid in
gees te bid.[m] En bly met dié
doel wakker met alle standvas-
tigheid en met smeking ten be-
hoewe van al die heiliges,
**19** ook vir my, dat die vermoë
om te spreek[n] aan my gegee
sal word wanneer ek my mond
oopmaak, om met vrymoedig-
heid van spraak[o] die heilige ge-
heim van die goeie nuus be-
kend te maak,[a] **20** waarvoor
ek as ’n ambassadeur[b] in ket-
tings optree; sodat ek met vry-
moedigheid in verband daar-
mee kan spreek soos ek behoort
te spreek.[c]

**21** En sodat julle ook van
my aangeleenthede kan weet,
hoe dit met my gaan, sal Ti′-
gikus,[d] ’n geliefde broer en ge-
troue bedienaar in die Here,
alles aan julle bekend maak.[e]
**22** Ek stuur hom juis met dié
doel na julle toe, dat julle van
die dinge aangaande ons kan
weet en dat hy julle harte kan
vertroos.[f]

**23** Mag die broers vrede hê
en liefde met geloof van God die
Vader en die Here Jesus Chris-
tus. **24** Mag die onverdiende
goedhartigheid[g] met almal
wees wat ons Here Jesus Chris-
tus in onverdorwenheid liefhet.

**HFST. 6**
a 1Sa 25:13; Jes 11:5
b Ef 5:9
c Spr 4:23; Jes 59:17
d Jes 52:7
e Han 10:36; Ro 10:15
f 1Jo 5:4
g 1Pe 5:9
h Jes 59:17; 1Te 5:8
i Jes 49:2
j Joh 6:63
k Heb 4:12
l Kol 4:2
m Mt 6:6; Jud 20
n Han 4:29
o 2Ko 3:12; 1Ti 3:13; Heb 3:6

**Tweede kol.**
a Kol 1:23; Kol 4:3
b 2Ko 5:20
c Kol 4:4
d 2Ti 4:12; Tit 3:12
e Kol 4:7
f Kol 4:8
g Kol 4:18

AAN DIE
# FILIPPENSE

**1** Paulus en Timo′teus, sla-
we[a] van Christus Jesus, aan
al die heiliges in eenheid met
Christus Jesus wat in Filip′pi[b]
is, saam met die opsieners en
bedieningsknegte:[c]

**2** Mag julle onverdiende
goedhartigheid en vrede hê van
God, ons Vader, en die Here Je-
sus Christus.[d]

**3** Ek dank my God altyd elke
keer as ek aan julle dink[e] **4** in
al my smekinge vir julle al-
mal,[f] terwyl ek my smeking
met vreugde doen, **5** weens
julle bydrae[g] ten behoewe van
die goeie nuus van die eerste
dag af tot op hierdie oomblik.
**6** Want hierdie vaste vertroue
het ek, dat hy wat ’n goeie
werk in julle begin het, dit
tot voltooiing sal bring[a] tot op
die dag[b] van Jesus Christus.
**7** Dit is vir my heeltemal reg
om dit met betrekking tot jul-
le almal te dink, omdat ek julle
in my hart het,[c] aangesien jul-
le almal deelgenote[d] met my
in die onverdiende goedhartig-
heid is, in my gevangenisboeie[e]
sowel as in die verdediging[f]
en wetlike[g] bevestiging van die
goeie nuus.

**8** Want God is my getuie
hoe ek vurig na julle almal ver-
lang met sulke tere geneent-
heid[h] soos Christus Jesus het.
**9** En dit is wat ek aanhou bid,

**HFST. 1**
a 1Ko 7:22
b Han 16:12
c 1Ti 3:1; 1Ti 3:8
d Ef 1:2
e Ro 1:8
f 1Te 1:2
g Flp 1:27

**Tweede kol.**
a Flp 2:13
b 1Ko 1:8
c 2Ko 3:2
d Flp 4:14
e Ef 3:1; Flp 1:13; Kol 4:18; 2Ti 1:8; Flm 13
f Han 24:10; Han 24:14; Flp 1:16
g Han 25:11
h Kol 3:12

dat julle liefde steeds oorvloedi-
ger mag word[a] met juiste ken-
nis[b] en volle onderskeidings-
vermoë;[c] **10** dat julle seker
kan maak van die belangriker
dinge,[d] sodat julle onberispe-
lik[e] kan wees en ander nie laat
struikel nie,[f] tot op die dag van
Christus, **11** en vervul kan
word met regverdige vrugte,[g]
wat deur Jesus Christus is, tot
heerlikheid en lof van God.[h]

**12** Ek wil dan nou hê dat jul-
le moet weet, broers, dat my
aangeleenthede eerder op die
vooruitgang van die goeie nuus[i]
as op iets anders uitgeloop het,
**13** sodat my boeie[j] in verbinte-
nis met Christus algemeen be-
kend geword het[k] onder die
hele pretoriaanse wag en al die
ander;[l] **14** en die meeste van
die broers in die Here lê al hoe
meer moed aan die dag om die
woord van God onbevrees te
spreek,[m] omdat hulle weens my
gevangenisboeie vertroue ge-
kry het.

**15** Party verkondig die
Christus weliswaar deur af-
guns en wedywer,[n] maar an-
der ook deur welwillendheid.[o]
**16** Laasgenoemdes verkondig
die Christus uit liefde, want
hulle weet dat ek hier geplaas
is vir die verdediging[p] van die
goeie nuus; **17** maar eersge-
noemdes doen dit uit twisgie-
righeid,[q] nie met 'n suiwer be-
weegrede nie, want hulle doel is
om vir my verdrukking[r] in my
gevangenisboeie te veroorsaak.
**18** Wat dan? Niks, behalwe dat
Christus op elke manier, het-
sy onder 'n skyn[s] of in waar-
heid, verkondig word,[t] en hier-
in verbly ek my. Trouens, ek
sal ook aanhou om my te ver-
bly, **19** want ek weet dat dit
tot my redding sal lei deur jul-
le smeking[u] en 'n toevoer van
die gees van Jesus Christus,[a]
**20** in ooreenstemming met my
gretige verwagting[b] en hoop[c]
dat ek in geen opsig beskaam
sal word[d] nie, maar dat Chris-
tus in alle vrymoedigheid van
spraak,[e] soos altyd tevore, ook
nou deur middel van my lig-
gaam groot gemaak sal word,[f]
hetsy deur die lewe of die
dood.[g]

**21** Want in my geval is om te
lewe Christus,[h] en om te sterf[i]
gewin. **22** En as dit sou wees
om verder in die vlees te lewe,
dan is dit 'n vrug van my werk[j]
—maar wat om te kies, maak
ek nie bekend nie. **23** Ek ver-
keer onder druk van hierdie
twee dinge;[k] maar wat ek be-
geer, is die losmaking en om
saam met Christus te wees,[l]
want dít is gewis baie beter.[m]
**24** Om julle onthalwe is dit eg-
ter nodiger dat ek in die vlees
bly.[n] **25** En aangesien ek hier-
die vaste vertroue het, weet ek
dat ek sal bly[o] en by julle al-
mal sal vertoef vir julle voor-
uitgang[p] en die vreugde wat
by julle geloof behoort, **26** so-
dat julle verheuging weens my
in Christus Jesus kan oorloop
deur my teenwoordigheid weer
by julle.

**27** Gedra julle net op 'n wyse
wat die goeie nuus oor die
Christus waardig is,[q] sodat ek,
hetsy ek kom en julle sien of af-
wesig is, van die dinge aangaan-
de julle kan hoor, dat julle in
een gees vasstaan, met een siel[r]
sy aan sy vir die geloof van die
goeie nuus stry **28** en in geen
opsig deur julle teenstanders
bang gemaak word nie.[s] Juis dít
is 'n bewys van vernietiging vir
hulle, maar van redding vir jul-
le;[t] en hierdie aanduiding kom
van God, **29** want aan julle is
die voorreg ter wille van Chris-

**HFST. 1**
a 1Te 3:12
b Joh 17:3; 2Pe 3:18
c 1Ko 10:15; Heb 5:14
d Ro 12:2; Ef 5:10
e Flp 2:15
f Ro 14:13; Ro 14:21
g Joh 15:5; Jak 3:18
h Ef 1:14
i Flp 1:14
j Ef 3:1
k Han 28:31
l Flp 4:22
m 2Ti 2:9
n Mt 7:22; 2Ko 12:20
o 1Ko 9:17; 1Ko 13:2
p Flp 1:7
q Jak 3:14
r 2Ko 11:28
s Ga 2:4
t Lu 9:50
u 2Ko 1:11

**Tweede kol.**
a Joh 15:26; 1Pe 1:11
b Ro 8:19
c Ro 5:5
d Ps 119:46; Ro 1:16; 2Ti 1:8
e Ef 6:20
f 2Ko 4:10; Kol 1:24
g Ro 14:8; 1Pe 4:16
h Ga 2:20; Ga 6:14
i 1Te 4:14; 2Ti 4:8; Op 14:13
j Joh 15:16
k 2Ko 5:6
l 2Ti 4:6
m 1Ko 15:42; 2Ko 5:8
n Han 9:15; Han 20:29
o Flm 22
p Ro 1:11; Ef 4:12; 1Ti 4:15
q Ef 4:1; Kol 1:10
r Han 4:32; Ro 15:6; 1Ko 1:10; Ef 4:3
s 1Ko 16:9
t Lu 21:19; 2Te 1:5

tus gegee, nie net om julle ge-
loof[a] in hom te stel nie, maar
ook om ter wille van hom te
ly.[b] **30** Want julle het dieself-
de worstelstryd as wat julle in
my geval gesien het[c] en waar-
van julle nou in my geval hoor.[d]

**2** Indien daar dan enige aan-
moediging in Christus[e] is,
indien enige vertroosting van
liefde, indien enige deelge-
nootskap in gees,[f] indien enige
tere geneenthede[g] en medelye,
**2** maak dan my vreugde vol-
kome deur eendersdenkend te
wees[h] en dieselfde liefde te hê,
terwyl julle saamgevoeg is in
siel en die een ding in gedag-
te hou[i] **3** en niks uit twisgie-
righeid[j] of uit egotisme[k] doen
nie, maar met ootmoed die an-
der hoër as julleself ag,[l] **4** ter-
wyl julle nie uit persoonlike be-
langstelling 'n oog op net julle
eie sake hou nie,[m] maar ook uit
persoonlike belangstelling op
dié van die ander.[n]

**5** Bewaar hierdie geestesge-
sindheid in julle wat ook in
Christus Jesus was,[o] **6** wat,
hoewel hy in God se gedaan-
te bestaan het,[p] geen geweld-
dadige inbesitneming, naamlik
om aan God gelyk te wees, oor-
weeg het nie.[q] **7** Nee, maar
hy het homself ontledig en 'n
slaaf se gedaante aangeneem[r]
en aan die mense gelyk ge-
word.[s] **8** Wat meer is, toe hy
hom in gestalte as 'n mens be-
vind het,[t] het hy homself ver-
neder en gehoorsaam geword
tot in die dood,[u] ja, die dood aan
'n folterpaal.[v] **9** Juis daarom
het God hom ook tot 'n hoër
posisie verhef[w] en hom goed-
gunstig die naam gegee wat bo
elke ander naam is,[x] **10** sodat
in die naam van Jesus elke knie
sou buig van dié in die hemel en
dié op die aarde en dié onder die
grond,[a] **11** en elke tong open-
lik sou erken[b] dat Jesus Chris-
tus Here is[c] tot die heerlikheid
van God die Vader.[d]

**12** Gevolglik moet julle, my
geliefdes, soos julle altyd ge-
hoorsaam was,[e] nie net gedu-
rende my teenwoordigheid nie,
maar nou baie geredeliker ge-
durende my afwesigheid, aan-
hou om julle eie redding met
vrees[f] en bewing te bewerk;
**13** want dit is God wat, ter
wille van sy welbehae, in julle
werk[g] sodat julle kan wil sowel
as werk.[h] **14** Hou aan om al-
les sonder murmurering[i] en re-
dekaweling[j] te doen, **15** sodat
julle onberispelik[k] en onskul-
dig kan word, kinders[l] van God
sonder 'n smet te midde van
'n verdorwe en verdraaide ge-
slag,[m] onder wie julle as lig-
te in die wêreld skyn,[n] **16** ter-
wyl julle 'n stewige greep op
die woord van die lewe behou,[o]
sodat ek in Christus se dag[p]
rede tot vreugde kan hê, dat
ek nie tevergeefs gehardloop
of tevergeefs hard gewerk het
nie.[q] **17** Maar selfs al word ek
soos 'n drankoffer uitgegiet[r]
op die offerande[s] en openbare
diens waartoe geloof julle gelei
het,[t] is ek bly en verbly[u] ek my
saam met julle almal. **18** Net
so moet ook julle dan nou bly
wees en julle saam met my ver-
bly.[v]

**19** Wat my betref, hoop ek
in die Here Jesus om Timo'teus
binnekort na julle toe te stuur,
sodat ek 'n blymoedige siel kan
wees[w] wanneer ek die dinge
in verband met julle verneem.
**20** Want ek het niemand an-
ders met 'n gesindheid soos
syne wat opreg na die dinge

**HFST. 1**
a Ef 2:8
b Han 5:41; Ro 5:3
c Han 16:22; 1Te 2:2; 2Ti 3:12
d Kol 1:24

**HFST. 2**
e Ro 1:12
f 2Ko 13:14
g Flp 1:8; Kol 3:12; 1Pe 1:22
h Ro 15:5; 2Ko 13:11; 1Pe 3:8
i 1Ko 1:10
j 2Ko 12:20; Flp 1:15; Flp 1:17; Jak 3:14
k Ga 5:26
l Mt 23:11; Ef 4:2; Ef 5:21
m Ro 12:10; 1Ko 10:33; 1Ko 13:5
n 1Ko 10:24
o Mt 11:29; Joh 13:15
p Kol 1:15; Heb 1:3
q Joh 14:28
r Jes 53:3
s Joh 1:14; Ro 1:3
t Heb 2:9; Heb 10:5
u Jes 50:5; Joh 10:17; Heb 5:8
v De 21:23; Ga 3:13
w Jes 52:13; Han 2:33; Ef 1:21
x Han 4:12

**Tweede kol.**
a Joh 5:23
b Ro 10:9
c Han 2:36
d Ps 22:27
e Ro 16:19
f 2Ko 7:15; Heb 12:28
g Jer 31:33; 2Ko 3:5; Heb 13:21
h 2Kr 30:12; 1Te 4:8
i 1Ko 10:10; 1Pe 4:9
j 1Ti 2:8
k 1Ko 1:8; Ef 5:27
l Ro 8:16; Ef 5:1
m De 32:5; Mt 17:17; 1Pe 2:12
n Mt 5:14; Ef 5:8; 1Pe 2:9
o Joh 6:68; Heb 4:12

**p** 2Ko 1:14; 1Te 2:19; **q** Jes 49:4; Ga 2:2; 1Te 3:5; **r** Eks 29:40; 2Ti 4:6; **s** Heb 13:15; 1Pe 2:5; **t** 2Ko 12:15; **u** Flp 1:18; **v** Flp 3:1; **w** Spr 25:25; 2Ko 7:7.

in verband met julle sal om-
sien[a] nie. **21** Want al die an-
der soek hulle eie belange,[b]
nie dié van Christus Jesus nie.
**22** Maar julle weet watter be-
wys hy van homself gelewer
het, dat hy, soos 'n kind[c] saam
met 'n vader, saam met my
soos 'n slaaf gedien het ter be-
vordering van die goeie nuus.
**23** Dit is dan die man wat ek
hoop om te stuur sodra ek ge-
sien het hoe sake aangaande
my staan. **24** Ja, ek het die
vaste vertroue in die Here dat
ek self ook binnekort sal kom.[d]

**25** Ek ag dit egter nodig
om Epafrodi'tus,[e] my broer en
medewerker[f] en medesoldaat,[g]
maar julle gesant en persoonli-
ke dienaar vir my behoefte, na
julle toe te stuur, **26** aange-
sien hy verlang om julle almal
te sien en terneergedruk is om-
dat julle gehoor het dat hy siek
geword het. **27** Ja, hy het in-
derdaad tot die dood toe siek
geword; maar God was hom
barmhartig,[h] trouens, nie net
hom nie, maar ook my, sodat ek
nie droefheid op droefheid sou
hê nie. **28** Daarom stuur ek
hom des te spoediger, sodat jul-
le weer bly kan wees wanneer
julle hom sien en ek minder
droefheid kan hê. **29** Verwel-
kom hom dus met alle vreug-
de op die gebruiklike wyse[i] in
die Here; en hou sulke manne in
eer,[j] **30** want weens die Here
se werk het hy baie na aan die
dood gekom, deurdat hy sy siel
aan gevaar blootgestel het,[k] om
ten volle daarvoor te vergoed
dat julle nie hier was om per-
soonlike diens aan my te verrig
nie.[l]

**3** Laastens, my broers, hou
aan om julle in die Here
te verbly.[m] Om dieselfde dinge
aan julle te skryf, is nie vir my
moeite nie, maar dit is vir julle
'n beskerming.

**2** Pas op vir die honde,[a] pas
op vir dié wat skade berokken,
pas op vir dié wat die vlees ver-
mink.[b] **3** Want ons is dié met
die ware besnydenis,[c] wat deur
God se gees[d] heilige diens ver-
rig en in Christus Jesus roem[e]
en nie ons vertroue in die vlees
stel nie,[f] **4** hoewel ek, meer
as enigiemand anders, wel re-
des het om ook vertroue in die
vlees te stel.

As enigiemand anders dink
dat hy redes het om vertroue in
die vlees te stel, ek nog meer:[g]
**5** besny op die agtste dag,[h] uit
die geslag van Israel, uit die
stam Benjamin,[i] 'n Hebreër ge-
bore uit Hebreërs;[j] wat die wet
betref, 'n Fariseër;[k] **6** wat
ywer betref, 'n vervolger van
die gemeente;[l] wat regverdig-
heid betref wat deur middel
van die wet is, iemand wat ge-
toon het dat hy onberispelik is.
**7** Maar die dinge wat vir my
gewin was, dié het ek weens
die Christus as verlies beskou.[m]
**8** Ja, wat dit betref, ek beskou
alles ook inderdaad as verlies
weens die oortreffende waarde
van die kennis van Christus Je-
sus, my Here.[n] Weens hom het
ek die verlies van alles aanvaar
en beskou ek dit as 'n klomp
vullis,[o] sodat ek Christus kan
wen **9** en in eenheid met hom
bevind kan word, nie met my
eie regverdigheid, wat uit die
wet voortspruit nie,[p] maar met
dié wat deur geloof[q] in Chris-
tus is, die regverdigheid wat
van God kom op grond van ge-
loof,[r] **10** om hom te ken en
die krag van sy opstanding[s]
en die deelgenootskap in sy ly-
ding,[t] terwyl ek my aan 'n dood
soos syne onderwerp,[u] **11** om
te sien of ek op die een of an-

**HFST. 2**
a 1Ko 4:17; 1Ko 16:10
b 1Ko 10:24; Ga 4:17; 2Ti 4:10
c 1Ko 4:17; 2Ti 1:2
d Flp 1:25; Flm 22
e Flp 4:18
f 2Ko 8:23
g Flm 2
h Ps 30:3; Ps 34:19
i Kol 4:10
j 1Ko 16:18; 1Te 5:12
k Han 20:24
l 1Ko 16:17; Flm 13

**HFST. 3**
m 2Ko 13:11; Flp 4:4; 1Te 5:16

**Tweede kol.**
a Op 22:15
b Ro 2:28; Ga 5:2
c De 10:16; Jer 4:4; Ro 2:29; Kol 2:11
d Han 2:17; Ro 8:26
e Ga 6:14; Heb 9:14
f 2Ko 11:18
g 2Ko 11:22
h Ge 17:12; Le 12:3
i Ro 11:1
j 2Ko 11:22
k Han 23:6; Han 26:5
l Han 8:3; Han 9:1; Ga 1:13
m Mt 13:44
n Ef 4:13; 2Pe 3:18
o 1Ko 2:2
p Ro 3:20; Ro 10:3
q Ro 4:5; Ro 9:30; Ga 2:16
r Ro 1:17; Ro 3:21
s 1Ko 15:22; 2Ko 13:4
t Ro 8:17; 2Ko 4:10; Kol 1:24
u Ro 6:5

der wyse tot die vroeër opstan-
ding[a] uit die dode kan kom.
**12** Nie dat ek dit reeds ont-
vang het of reeds tot volmaakt-
heid gebring is nie,[b] maar ek
streef[c] daarna om te sien of ek
ook dit kan verkry[d] waarvoor
ek ook deur Christus Jesus ver-
kry is.[e] **13** Broers, ek meen
nog nie dat ek dit verkry het
nie; maar een ding staan vas:
Ek vergeet die dinge wat ag-
ter is[f] en strek my uit na
die dinge wat voor is,[g] **14** en
ek streef na die doel[h] vir die
prys[i] van God se roeping na bo[j]
deur middel van Christus Jesus.
**15** Laat ons almal wat volwas-
se is,[k] dan hierdie geestesge-
sindheid hê;[l] en as julle in enige
opsig ’n ander geestesneiging
het, sal God die bogenoemde
gesindheid aan julle openbaar.
**16** Laat ons in elk geval, in die
mate waarin ons vooruitgang
gemaak het, voortgaan om or-
delik in hierdie selfde roetine te
wandel.[m]
**17** Word eendragtig navol-
gers[n] van my, broers, en hou
julle oë gerig op dié wat op
’n wyse wandel wat ooreen-
kom met die voorbeeld wat jul-
le in ons het.[o] **18** Want daar
is baie, ek het hulle dikwels ge-
noem, maar nou noem ek hulle
ook met gehuil, wat as die vy-
ande van die folterpaal van die
Christus[p] wandel, **19** en hul-
le einde is vernietiging,[q] en
hulle god is hulle buik,[r] en hul-
le heerlikheid bestaan in hul-
le skande,[s] en hulle verstande
is gerig op dinge op die aarde.[t]
**20** Wat ons betref, ons burger-
skap[u] bestaan in die hemele,[v]
van waar ons ook gretig ’n red-
der verwag,[w] die Here Jesus
Christus,[x] **21** wat ons verne-
derde liggaam[y] sal verander om
aan sy glorieryke liggaam ge-
lykvormig te word,[a] volgens die
werking[b] van die krag wat hy
het, ja, om alles aan homself te
onderwerp.[c]

**4** Daarom, my geliefde broers,
na wie ek so verlang, my
vreugde en kroon,[d] staan so
vas[e] in die Here, geliefdes.
**2** Euo′dia vermaan ek en Sin-
ti′ge vermaan ek om eenders-
denkend[f] te wees in die Here.
**3** Ja, ek versoek jou ook, ware
jukgenoot:[g] Hou aan om hierdie
vroue by te staan wat sy aan sy
met my[h] in die goeie nuus ge-
stry het, tesame met Klemens
sowel as die res van my mede-
werkers,[i] wie se name[j] in die
boek van die lewe staan.[k]
**4** Verbly julle altyd in die
Here.[l] Weer eens sal ek sê:
Verbly julle![m] **5** Laat julle re-
delikheid[n] aan alle mense be-
kend word. Die Here is naby.[o]
**6** Moet julle oor niks kwel nie,[p]
maar laat julle versoeke in al-
les deur gebed en smeking[q] te-
same met danksegging by God
bekend word;[r] **7** en die vrede[s]
van God wat alle denke te bowe
gaan, sal julle harte[t] en julle
verstandelike vermoëns deur
middel van Christus Jesus be-
waak.
**8** Laastens, broers, alles wat
waar is, alles wat van ernsti-
ge belang is, alles wat regverdig
is, alles wat kuis[u] is, alles wat
lieflik is, alles waarvan goed ge-
praat word, watter deug en wat-
ter lofwaardige saak daar ook
al is, hou aan om hierdie dinge
te bedink.[v] **9** Die dinge wat
julle geleer sowel as aangeneem
en gehoor en gesien het in ver-
band met my, beoefen dit;[w] en
die God van vrede[x] sal met jul-
le wees.

**HFST. 3**
a Lu 14:14; 1Te 4:16; Op 20:6
b Heb 12:23
c Lu 13:24
d 1Ti 6:12
e Han 9:15
f Lu 9:62
g 1Ko 9:24
h Heb 12:1
i 2Ti 4:8
j Ro 8:30; Heb 3:1
k 1Ko 2:6; 1Ko 14:20; Heb 5:14
l Flp 2:5
m Ga 6:16
n 1Ko 4:16; 2Te 3:9
o Flp 4:9; Tit 2:7; 1Pe 5:3
p Ga 5:11; Ga 6:12
q 2Ko 11:15; 2Pe 2:1
r Ro 16:18
s Jud 13
t Ro 8:5; 1Ko 3:3; 2Ti 3:4; Jak 3:15
u Ef 2:19
v Joh 18:36; Ef 2:6; Kol 3:1
w 1Te 1:10; Heb 9:28
x 1Ko 1:7; Tit 2:13
y 1Ko 15:42

**Tweede kol.**
a Ro 8:29; 1Ko 15:49
b Ef 1:19
c 1Ko 15:27; Heb 2:8

**HFST. 4**
d 1Te 2:19
e Flp 1:27
f Ro 15:5; 1Ko 1:10; 2Ko 13:11; Flp 2:2; 1Pe 3:8
g Mt 11:29
h Lu 8:3
i Ro 16:3
j Lu 10:20
k Ps 69:28
l Ps 64:10; Ps 104:34
m De 26:11; Ps 97:12; Jes 9:3; 1Te 5:16
n Tit 3:2; Jak 3:17
o Jak 5:8
p Mt 6:25; Lu 12:22; 1Pe 5:7
q Ro 12:12; Jak 1:5
r Ps 145:18; Joh 16:23

s Joh 14:27; Ro 5:1; t Kol 3:15; u 2Ko 11:3; 1Ti 4:12; 1Ti 5:2; 1Pe 3:2; v Ga 5:22; Kol 3:2; w Flp 3:17; Kol 1:23; x Ro 15:33; 1Ko 14:33; Heb 13:20.

**10** Ek verbly my grootliks in
die Here dat julle nou eindelik
weer julle denke in my belang[a]
opgewek het, waaraan julle ook
gedink het, maar dit het julle
aan die geleentheid ontbreek.
**11** Nie dat ek praat omdat ek
gebrek ly nie, want ek het ge-
leer om, in watter omstandig-
hede ek ook al verkeer, ver-
genoeg te wees.[b] **12** Ek weet
inderdaad wat dit is om min te
hê,[c] ek weet inderdaad wat dit
is om oorvloed te hê. In alles
en in alle omstandighede het ek
die geheim daarvan geleer om
versadig te wees sowel as om
honger te wees, om oorvloed te
hê sowel as om gebrek te ly.[d]
**13** Vir alles is ek sterk genoeg
deur hom wat my krag gee.[e]

**14** Julle het nietemin goed
gehandel deur deelgenote[f] met
my in my verdrukking te
word.[g] **15** Trouens, julle weet
ook, Filippense, dat geen ge-
meente aan die begin van die
bekendmaking van die goeie
nuus, toe ek uit Masedo′nië ver-
trek het, saam met my deel ge-
had het in die aangeleentheid
van gee en ontvang nie, behal-
we julle alleen;[h] **16** want selfs
in Tessaloni′ka het julle my ’n
eerste sowel as ’n tweede keer
iets vir my behoefte gestuur.
**17** Nie dat ek die gawe ernstig
soek nie,[a] maar ek soek ern-
stig die vrug[b] wat die krediet
op julle rekening laat toeneem.
**18** Ek is egter ten volle van al-
les voorsien en het oorvloed.
Ek het volop noudat ek van
Epafrodi′tus[c] die dinge ont-
vang het wat van julle kom, ’n
welriekende geur,[d] ’n aanneem-
like offerande,[e] welbehaaglik
vir God. **19** Op sy beurt sal
my God[f] ten volle in al julle be-
hoeftes voorsien[g] na die mate
van sy rykdom[h] in heerlikheid
deur middel van Christus Jesus.
**20** En aan ons God en Vader die
heerlikheid vir ewig en altyd.[i]
Amen.

**21** Dra my groete[j] oor aan
elke heilige in eenheid[k] met
Christus Jesus. Die broers wat
by my is, stuur vir julle groete.
**22** Al die heiliges, maar veral
dié van die huis van die keiser,
stuur vir julle groete.[l]

**23** Mag die onverdiende
goedhartigheid van die Here Je-
sus Christus wees met die gees
wat julle openbaar.[m]

HFST. 4
a 2Ko 11:9
b 1Ti 6:6 Heb 13:5
c 1Ko 4:11 2Ko 6:10
d 2Ko 11:27
e Jes 12:2 Jes 40:29 Joh 15:5 2Ko 4:7 2Ko 12:9 2Ti 4:17
f Flp 1:7
g Ef 3:13 Heb 10:33
h 2Ko 11:8

Tweede kol.
a 1Ko 9:11
b Ro 15:28
c Flp 2:25
d Eks 29:18 Ese 20:41
e Heb 13:15
f Ps 23:1
g De 2:7 2Ko 9:8
h Ro 9:23 Ef 1:7
i Ro 16:27 Ga 1:5
j Kol 4:18
k 1Te 1:1
l Flp 1:13
m Ga 6:18

AAN DIE
# KOLOSSENSE

**1** Paulus, ’n apostel van
Christus Jesus deur God se
wil,[a] en ons broer Timo′teus,[b]
**2** aan die heiliges en getroue
broers in eenheid[c] met Christus
in Kolos′se:

Mag julle onverdiende goed-
hartigheid en vrede hê van
God, ons Vader.[d]

**3** Ons dank[e] God, die Vader
van ons Here Jesus Christus, al-
tyd wanneer ons vir julle bid,[a]
**4** aangesien ons gehoor het
van julle geloof in verband
met Christus Jesus en die lief-
de wat julle vir al die heiliges[b]
het **5** weens die hoop[c] wat vir
julle in die hemele weggelê is.[d]
Julle het voorheen van hierdie
hoop gehoor deur die verkondi-

HFST. 1
a Ef 1:1
b 1Ko 4:17
c Joh 17:21
d Ro 1:7 Ga 1:3
e 1Ko 1:4 Flp 1:3

Tweede kol.
a Ef 1:16
b Ro 15:25 Flm 5 Heb 6:10

c Ef 1:18; 2Ti 4:8; Heb 6:19; d 1Pe 1:4.

ging van die waarheid van dié
goeie nuus[a] **6** wat julle bereik
het, net soos dit vrug dra[b] en
toeneem[c] in die hele wêreld,[d]
soos ook onder julle, van die
dag af dat julle die onverdien-
de goedhartigheid[e] van God in
waarheid gehoor en noukeurig
leer ken het.[f] **7** Dit is wat jul-
le geleer het by E′pafras,[g] ons
geliefde medeslaaf, wat namens
ons ’n getroue bedienaar van
die Christus is, **8** wat ook jul-
le liefde[h] in ’n geestelike opsig
aan ons onthul het.

**9** Daarom het ons, van die
dag af dat ons daarvan gehoor
het, nie opgehou om vir julle te
bid[i] nie en te vra dat julle in alle
wysheid[j] en geestelike insig[k]
vervul mag word met die juiste
kennis[l] van sy wil, **10** sodat
julle kan wandel op ’n wyse wat
Jehovah[m] waardig is[n] om hom
ten volle te behaag terwyl jul-
le voortgaan om vrug te dra in
elke goeie werk[o] en toe te neem
in die juiste[p] kennis van God,
**11** en om na die mate van sy
glorieryke mag[q] kragtig ge-
maak te word met alle krag om
ten volle te volhard[r] en lank-
moedig te wees met vreugde,
**12** en om die Vader te dank,
wat julle geskik gemaak het om
te deel in die erfenis[s] van die
heiliges[t] in die lig.[u]

**13** Hy het ons verlos van die
gesag[v] van die duisternis en
ons oorgebring[w] in die konink-
ryk[x] van die Seun van sy lief-
de,[y] **14** deur middel van wie
ons ons bevryding deur ’n los-
prys het, die vergifnis van ons
sondes.[z] **15** Hy is die beeld[a]
van die onsigbare[b] God, die
eersgeborene[c] van die hele
skepping; **16** want deur mid-
del van hom[d] is alle ander dinge
in die hemele en op die aarde
geskep, die sigbare dinge en die
onsigbare dinge, ongeag of hul-
hom stel.”[c] En weer: “Kyk! Ek
en die jong kinders, wat Jeho-
vah my gegee het.”[d]

**14** Aangesien die “jong kin-
ders” dan deelgenote van bloed
en vlees is, het hy ook ewen-
eens dieselfde dinge deelag-
tig geword,[e] om deur sy dood[f]
die een tot niet te maak[g] wat
die vermoë het om die dood
te veroorsaak,[h] dit is die Dui-
wel;[i] **15** en om almal te bevry[j]
wat uit vrees vir die dood[k] hul-
le hele lewe lank aan slawer-
ny onderworpe was.[l] **16** Want
hy staan engele in werklikheid
glad nie by nie, maar hy staan
Abraham se saad by.[m] **17** Ge-
volglik was hy verplig om in
alle opsigte soos sy “broers” te
word,[n] sodat hy ’n barmhartige
en getroue hoëpriester in die
dinge in verband met God kon
word,[o] om ’n soenoffer[p] vir die
sondes van die volk te bring.[q]
**18** Want deurdat hy self gely
het toe hy op die proef gestel
is,[r] kan hy dié wat op die proef
gestel word, te hulp kom.[s]

**3** Daarom, heilige broers,
deelgenote van die hemelse
roeping,[t] beskou die apostel[u] en
hoëpriester wat ons bely[v]—Je-
sus. **2** Hy was getrou[w] aan die
Een wat hom as sodanig aan-
gestel het, soos Moses[x] ook in
die hele huis van daardie Een
was.[y] **3** Want laasgenoemde
word meer heerlikheid[z] waar-
dig geag as Moses, aangesien
hy[a] wat dit bou, meer eer as die
huis het.[b] **4** Elke huis word
natuurlik deur iemand gebou,
maar hy wat alles gebou het,
is God.[a] **5** En Moses was as
’n dienaar[b] getrou in die hele
huis van daardie Een, as ’n ge-
tuienis van die dinge wat later
gespreek sou word,[c] **6** maar
Christus was getrou as ’n Seun[d]
oor die huis van daardie Een.[e]
Ons is die huis van daardie Een,
as ons tot die einde toe ste-
wig aan ons vrymoedigheid van
spraak en ons geroem oor die
hoop vashou.[f]

**7** Daarom, net soos die heili-
ge gees[g] sê: “Vandag, as julle na
sy stem luister,[h] **8** moet jul-
le julle harte nie verhard soos
die keer toe bitter toorn veroor-
saak is nie,[i] soos in die dag van
die beproewing[j] in die wilder-
nis,[k] **9** waarin julle voorva-
ders my met ’n beproewing op
die proef gestel het, en tog het
hulle my werke[l] veertig jaar
lank gesien.[m] **10** Daarom het
ek ’n afkeer van hierdie geslag
gekry en gesê: ‘Hulle dwaal al-
tyd in hulle harte af,[n] en hulle
het my weë nie leer ken nie.’[o]
**11** Ek het dus in my toorn ge-
sweer: ‘Hulle sal in my rus[p] nie
ingaan nie.’ ”[q]

**12** Pas op, broers, dat daar
nooit in enigeen van julle ’n
goddelose hart met ’n gebrek
aan geloof ontwikkel deurdat
hy hom van die lewende God
terugtrek nie;[r] **13** maar hou
aan om mekaar elke dag te ver-
maan,[s] solank dit “Vandag”[t] ge-
noem kan word, sodat niemand
van julle deur die bedriegli-
ke[u] krag van die sonde verhard
word nie. **14** Want ons word
in werklikheid slegs deelgenote
van die Christus[v] as ons tot die
einde toe stewig vashou aan die

HFST. 2
a Mt 12:50 Ro 8:29
b Ps 22:22 Ps 40:9 Lu 4:21 Lu 19:42
c Jes 8:17
d Jes 8:18 Joh 1:12 1Jo 3:1
e Mt 11:19 Joh 1:14 Joh 11:11
f Jes 53:12 Ro 6:5 Ro 14:9
g Ge 3:15 Lu 10:18 1Jo 3:8
h Job 1:19 Job 2:6 Op 6:9
i Joh 8:44 Joh 12:31 Op 12:9
j Ro 8:21
k Ps 89:48 Jes 25:8 1Ko 15:26
l Jes 25:7 Ro 8:22
m Ga 3:29 Heb 9:15 Op 14:4
n Flp 2:7
o Heb 5:1 Heb 7:26
p Ro 3:25 1Jo 2:2 1Jo 4:10
q Ro 5:10 2Ko 5:18
r Mt 26:28 Heb 4:15
s Heb 7:25 Op 2:10 Op 3:10

HFST. 3
t Ro 8:30 1Ko 1:9 Flp 3:14 1Te 2:12 2Ti 1:9 2Pe 1:10
u Joh 3:17 Joh 7:29
v Heb 8:1 Heb 9:15
w Joh 8:29 Op 3:14
x De 34:10
y Nu 12:7
z Mt 17:2 2Ko 3:9
a Sag 6:12 Mt 16:18
b 1Ko 3:9 1Pe 2:5

Tweede kol.
a Ge 2:3 Ef 3:9
b De 3:24
c De 18:18
d Mt 17:5
e 2Ko 6:16 Ef 2:19

**f** Ro 5:2; 1Ti 3:13; Heb 6:11; **g** 2Sa 23:2; Han 1:16; **h** Ps 95:7; **i** Eks 15:23; **j** Eks 17:7; **k** Ps 95:8; **l** Ps 105:40; **m** Eks 16:35; Nu 32:13; De 8:2; Ps 95:9; **n** Nu 14:11; Ps 78:8; **o** De 8:3; Ps 95:10; **p** Ps 95:11; **q** Nu 14:23; **r** Heb 2:1; Heb 12:15; **s** 1Te 5:11; **t** Ps 95:7; **u** Mr 4:19; 2Te 2:10; **v** Ef 3:6; Heb 6:4; Heb 12:8.

vertroue wat ons aan die begin gehad het,[a] **15** terwyl daar gesê word: “Vandag, as julle na sy stem luister,[b] moet julle julle harte nie verhard soos die keer toe bitter toorn veroorsaak is nie.”[c]

**16** Want wie was dit wat gehoor en tog bitter toorn verwek het?[d] Was dit nie in werklikheid almal wat onder Moses uit Egipte uitgegaan het nie?[e] **17** En van wie het God veertig jaar lank ’n afkeer gekry?[f] Was dit nie van dié wat gesondig het, wie se lyke in die wildernis geval het nie?[g] **18** Maar aan wie het hy gesweer[h] dat hulle in sy rus nie sou ingaan nie, behalwe aan dié wat ongehoorsaam was?[i] **19** Ons sien dus dat hulle weens ’n gebrek aan geloof nie kon ingaan nie.[j]

**4** Laat ons dan, aangesien ’n belofte om in sy rus in te gaan, nog van krag is,[k] vrees dat dit sal blyk dat iemand van julle dit die een of ander tyd nie bereik het nie.[l] **2** Want ook aan ons is die goeie nuus bekend gemaak,[m] net soos aan hulle;[n] maar die woord wat gehoor is, het hulle nie tot voordeel gestrek nie,[o] omdat hulle nie deur geloof verenig was[p] met dié wat gehoor het nie.[q] **3** Want ons wat geloof beoefen het, gaan in die rus in, net soos hy gesê het: “Ek het dus in my toorn gesweer:[r] ‘Hulle sal in my rus[s] nie ingaan nie’ ”,[t] hoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af[u] voltooi is.[v] **4** Want op een plek het hy die volgende van die sewende dag gesê: “En God het op die sewende dag van al sy werke gerus”,[w] **5** en weer op hierdie plek: “Hulle sal in my rus nie ingaan nie.”[x]

**6** Aangesien party dus nog daarin sal ingaan, en dié aan wie die goeie nuus[a] eerste bekend gemaak is, weens ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie,[b] **7** bepaal hy weer ’n sekere dag deur ná so ’n lang tyd in Dawid se psalm “Vandag” te sê; net soos hierbo gesê is: “Vandag, as julle na sy stem luister,[c] moet julle julle harte nie verhard nie.”[d] **8** Want as Josua[e] hulle in ’n plek van rus ingelei het,[f] sou God nie agterna van ’n ander dag gepraat het nie.[g] **9** Daar bly dus ’n sabbatsrus oor vir die volk van God.[h] **10** Want die mens wat in God se rus ingegaan het,[i] het ook self van sy eie werke gerus,[j] net soos God van syne.

**11** Laat ons dan ons uiterste bes doen om in daardie rus in te gaan, sodat niemand in dieselfde patroon van ongehoorsaamheid verval nie.[k] **12** Want die woord[l] van God is lewend[m] en oefen krag uit[n] en is skerper as enige tweesnydende swaard[o] en dring selfs deur tot die skeiding van siel[p] en gees,[q] en van gewrigte en hulle murg, en kan gedagtes en bedoelings van die hart onderskei.[r] **13** En daar is nie ’n skepping wat nie vir sy oë sigbaar is nie,[s] maar alles lê naak en oop en bloot voor die oë van hom aan wie ons rekenskap moet gee.[t]

**14** Aangesien ons dan ’n groot hoëpriester het wat deur die hemele gegaan het,[u] Jesus, die Seun van God,[v] laat ons dan aan ons belydenis van hom vashou.[w] **15** Want ons het as ’n hoëpriester nie iemand wat nie met ons swakhede kan sim-

**HFST. 3**

a Ro 11:22; 2Ko 3:4; 1Jo 3:14; Op 2:10
b Ps 95:7; Joh 6:45
c Ps 95:8
d Eks 17:2
e Nu 14:2; Nu 14:4
f Nu 14:11; De 32:21
g Nu 14:22; Nu 14:29; 1Ko 10:5; 1Ko 10:10; Jud 5
h De 1:34; Ps 106:26
i Nu 14:30; De 1:35
j Heb 4:6

**HFST. 4**

k Ge 2:3; Eks 20:11; Heb 3:11
l Ga 5:4; Heb 3:12; Heb 12:15
m Mt 4:23; Han 15:7; Kol 1:23
n Eks 19:5; De 32:1; Han 10:36
o De 32:15
p De 32:20
q Jes 10:22
r De 1:34
s Ps 95:11; Heb 3:11
t Nu 14:23; De 1:35
u Joh 17:24; Ef 1:4
v Eks 31:17
w Ge 2:2
x Ps 95:11

**Tweede kol.**

a De 32:1
b Nu 14:30; De 31:27
c Ps 95:7
d Ps 95:8
e Eks 24:13; De 1:38; De 31:7
f Jos 22:4
g Jer 6:16
h Jes 66:23; Sag 14:16; Mr 2:28
i Ge 2:2
j Op 14:13
k Ps 95:11; Ro 11:30; Heb 3:17
l Mt 15:6; Han 11:1; 1Te 2:13; 1Te 4:15
m Jer 23:29; Sag 4:6; Joh 2:17; 1Pe 1:23
n 2Ko 10:4

**o** Jes 49:2; Ef 6:17; **p** Mt 16:26; **q** Han 17:16; Ro 1:9; Kol 2:5; **r** Spr 21:2; Spr 24:12; Joh 12:48; 1Ko 4:5; **s** Ps 7:9; Ps 90:8; Spr 15:11; **t** Job 31:14; Han 17:31; Ro 2:16; Ro 14:12; **u** Heb 7:26; **v** Mt 26:63; Mr 1:11; Heb 1:2; **w** Heb 3:1; Heb 10:23.

patiseer nie,[a] maar iemand wat
in alle opsigte soos ons op die
proef gestel is, maar sonder
sonde.[b] **16** Laat ons dan met
vrymoedigheid van spraak[c] tot
die troon van onverdiende
goedhartigheid nader,[d] sodat
ons barmhartigheid kan verkry
en onverdiende goedhartigheid
kan vind vir hulp op die regte
tyd.[e]

**5** Want elke hoëpriester wat
uit die mense geneem word,
word ten behoewe van mense
oor die dinge in verband met
God aangestel,[f] sodat hy gawes
en offerandes vir sondes kan
bring.[g] **2** Hy kan op gematig-
de wyse met die onkundiges
en dwalendes handel, aangesien
hy ook met sy eie swakheid om-
ring is,[h] **3** en as gevolg daar-
van is hy verplig om net soveel
vir homself as vir die volk of-
fers vir sondes te bring.[i]

**4** Ook neem iemand hierdie
eer nie uit sy eie nie,[j] maar
net wanneer hy deur God ge-
roep word,[k] net soos ook Ääron[l]
geroep is. **5** So ook het die
Christus homself nie verheer-
lik[m] deur 'n hoëpriester te word
nie,[n] maar is hy verheerlik[o]
deur hom wat met betrekking
tot hom gesê het: "Jy is my
seun; ék het vandag jou va-
der geword."[p] **6** Net soos hy
ook op 'n ander plek sê: "Jy is
'n priester vir ewig volgens die
wyse van Melgise′dek."[q]

**7** In die dae van sy vlees het
Christus smekinge en ook be-
des[r] met sterk[s] uitroepe en tra-
ne aan die Een opgedra wat
hom uit die dood kon red, en hy
is weens sy godvrugtige vrees[t]
verhoor. **8** Hoewel hy 'n Seun
was, het hy gehoorsaamheid ge-
leer uit die dinge wat hy gely
het;[u] **9** en nadat hy tot vol-
maaktheid gebring is,[v] het hy
verantwoordelik geword vir die
ewige redding[a] van almal wat
hom gehoorsaam,[b] **10** omdat
hy uitdruklik deur God 'n hoë-
priester volgens die wyse van
Melgise′dek genoem is.[c]

**11** Oor hom het ons baie te
sê wat moeilik is om te ver-
duidelik, aangesien julle afge-
stomp geword het in julle ge-
hoor.[d] **12** Want hoewel julle
vanweë die tyd inderdaad on-
derrigters[e] behoort te wees, het
julle weer nodig dat iemand jul-
le van die begin af die ele-
mentêre dinge[f] van die heili-
ge verklarings van God[g] moet
leer; en julle het mense geword
wat melk nodig het, nie vaste
voedsel nie.[h] **13** Want elkeen
wat melk gebruik, is onbekend
met die woord van regverdig-
heid, want hy is 'n klein kind-
jie.[i] **14** Maar vaste voedsel is
vir volwasse mense, vir dié wie
se waarnemingsvermoëns[j] deur
gebruik geoefen is om te on-
derskei wat reg sowel as ver-
keerd is.[k]

**6** Laat ons daarom, noudat
ons die grondleer[l] oor die
Christus agter ons gelaat
het,[m] tot volwassenheid voort-
beur,[n] sonder om weer 'n fon-
dament te lê,[o] naamlik berou
oor dooie werke,[p] en geloof in
God,[q] **2** die leer oor dope[r] en
die handeoplegging,[s] die op-
standing van die dooies[t] en die
ewige oordeel.[u] **3** En dit sal
ons doen, as God dit inderdaad
toelaat.[v]

**4** Want dit is onmoontlik om
dié wat eens en vir altyd verlig
is[w] en die hemelse vrye gawe[x]
gesmaak het en deelgenote van
heilige gees geword het[y] **5** en

**HFST. 4**
a Jes 53:4; Jes 61:1; Heb 2:17
b 2Ko 5:21; Heb 7:26; 1Pe 2:22
c Ef 3:12
d Ef 2:18; Heb 10:19
e Heb 13:6

**HFST. 5**
f Eks 40:13
g Le 5:6; Heb 8:3
h Heb 2:18; Heb 4:15
i Le 9:7; Le 16:6; Mal 2:7
j 2Kr 26:18
k Joh 3:27
l Eks 28:1
m Joh 8:54
n Heb 4:14
o Joh 12:28
p Ps 2:7; Han 13:33
q Ps 110:4; Heb 7:17
r Lu 22:44
s Mt 26:39; Joh 12:27
t Lu 12:5
u Mt 26:39; Joh 10:17; Flp 2:8
v Le 8:33; Heb 7:28

**Tweede kol.**
a Jes 45:17; Jes 49:6; Jes 53:11; Lu 1:69
b Joh 3:16
c Ps 110:4
d 2Pe 3:16
e Ef 4:11
f Heb 6:1
g Han 7:38; Ro 3:2; 1Pe 4:11
h 1Ko 3:2
i 1Ko 13:11; Ef 4:14
j Mr 7:18; Ef 1:18
k Jes 7:15; Ro 16:19; Flp 1:10; 1Te 5:21

**HFST. 6**
l 1Ko 3:1; Heb 5:12
m Kol 1:27; 1Ti 3:16
n 1Ko 13:11; 1Ko 14:20; Ef 4:13; Flp 3:16; Heb 5:14
o 1Ko 3:10
p Ef 4:22
q 1Te 1:8

**r** Han 19:4; Ro 6:3; **s** Han 6:6; 1Ti 5:22; **t** Mt 22:31; Joh 5:29; Joh 11:25; **u** Han 17:31; 2Pe 3:7; Op 20:12; **v** Jak 4:15; **w** Ef 1:18; Heb 10:26; **x** Han 10:45; Ef 3:7; Jak 1:17; **y** Han 15:8; Ga 3:5; Heb 2:4.

die goeie woord van God en
kragte van die komende stel-
sel van dinge[a] gesmaak het,[b]
6 maar afvallig geword het,[c]
weer tot berou terug te bring,[d]
omdat hulle die Seun van God
opnuut vir hulleself aan die
paal hang en hom aan open-
bare skande blootstel.[e] 7 By-
voorbeeld, die grond wat die
reën indrink wat dikwels daar-
op val en wat dan plantegroei
voortbring wat geskik is vir die-
gene vir wie dit ook bewerk
word,[f] ontvang in ruil daar-
voor 'n seën van God. 8 Maar
as dit dorings en dissels voort-
bring, word dit verwerp en is
dit na aan vervloeking;[g] en die
einde daarvan is verbranding.[h]

9 In julle geval, geliefdes, is
ons egter oortuig van beter
dinge en dinge wat met red-
ding gepaardgaan, al praat ons
so. 10 Want God is nie onreg-
verdig sodat hy julle werk sal
vergeet en die liefde wat julle
vir sy naam getoon het[i] deur-
dat julle die heiliges gedien het[j]
en nog dien nie. 11 Maar ons
begeer dat elkeen van julle die-
selfde vlytigheid aan die dag sal
lê om tot die einde toe[k] die volle
versekerdheid[l] van die hoop te
hê,[m] 12 sodat julle nie traag
sal word nie,[n] maar navolgers[o]
sal wees van dié wat deur geloof
en geduld die beloftes beërf.[p]

13 Want toe God sy belofte
aan Abraham gemaak het,[q] het
hy by homself gesweer,[r] aange-
sien hy by niemand groter kon
sweer nie, 14 en gesê: "Vir se-
ker sal ek jou seën wanneer ek
jou seën en jou vermenigvuldig
wanneer ek jou vermenigvul-
dig."[s] 15 En so het Abraham,
nadat hy geduld aan die dag ge-
lê het, hierdie belofte verkry.[t]
16 Want mense sweer by die
een wat groter is,[u] en hulle eed
is die einde van elke geskil,
aangesien dit vir hulle 'n wet-
like waarborg is.[a] 17 Op hier-
die manier het God, toe hy hom
voorgeneem het om die onver-
anderlikheid[b] van sy voorne-
me in oorvloediger mate aan
die erfgename[c] van die belof-
te te toon, met 'n eed ingetree,
18 sodat ons wat na die skuil-
plek gevlug het, deur middel
van twee onveranderlike dinge
waarin dit onmoontlik is vir
God om te lieg,[d] kragtige aan-
moediging kan hê om die hoop[e]
vas te gryp wat vir ons in die
vooruitsig gestel is. 19 Hier-
die hoop[f] het ons as 'n anker
vir die siel, seker sowel as vas,
en dit gaan tot binne die voor-
hangsel in,[g] 20 waar 'n voor-
loper ten behoewe van ons inge-
gaan het,[h] Jesus, wat vir ewig
'n hoëpriester volgens die wyse
van Melgise'dek geword het.[i]

7 Want hierdie Melgise'dek,
die koning van Salem, pries-
ter van die Allerhoogste God,[j]
wat vir Abraham by sy terug-
keer van die slagting van
die konings tegemoetgegaan en
hom geseën het[k] 2 en aan wie
Abraham 'n tiende van alles ge-
gee het,[l] is in die eerste plek, by
vertaling, "Koning van Regver-
digheid", en is dan ook koning
van Salem,[m] dit wil sê "Koning
van Vrede". 3 Aangesien hy
sonder vader, sonder moeder,
sonder geslagsregister is en nie
'n begin van dae[n] of 'n lewens-
einde het nie, maar soos die
Seun van God[o] gemaak is, bly
hy 'n priester vir altyd.[p]

4 LET dan op hoe groot hier-
die man was aan wie Abra-
ham, die familiehoof, 'n tiende
van die vernaamste buit gegee
het.[q] 5 Die manne uit die kin-
ders van Levi[r] wat hulle pries-
teramp ontvang, het weliswaar

HFST. 6
a 2Ko 5:5 Ef 1:14
b 1Pe 2:3
c Ps 119:118 2Ko 11:13 Heb 10:39 1Jo 2:19
d Mt 12:32
e Heb 10:29
f Ge 1:11
g Ge 3:18
h Mt 13:30
i 1Te 1:3 Heb 10:32
j Ro 15:25 2Ko 8:4 2Ti 1:18
k Heb 3:14
l Kol 2:2
m 1Pe 1:3
n Ro 12:11 Op 2:4
o 1Ko 11:1
p Heb 10:36 Jak 5:10
q Ro 4:20
r Ge 22:16 Ps 105:9 Jes 45:23 Lu 1:73
s Ge 22:17
t Heb 11:17
u Eks 22:11 Jer 12:16

Tweede kol.
a Ge 31:53 Ge 47:31
b Mal 3:6
c Ga 3:29
d Nu 23:19 1Sa 15:29 Tit 1:2
e Ro 5:4 Kol 1:5
f 1Pe 1:3
g Le 16:2 Le 16:12 Joh 14:3 Heb 9:7 Heb 10:20
h Heb 4:14
i Ps 110:4 Heb 5:6

HFST. 7
j Ge 14:18
k Ge 14:19
l Ge 14:20
m Ge 14:18 Ps 76:2
n Spr 8:23
o Mt 16:16
p Ps 110:4
q Ge 14:20
r Eks 40:15 Nu 18:21

volgens die Wet ’n gebod om
tiendes[a] van die volk[b] in te vor-
der, dit wil sê van hulle broers,
selfs al het dié uit die lende-
ne van Abraham voortgekom;[c]
**6** maar die man wat nie sy af-
stamming[d] van hulle afgelei het
nie, het tiendes van Abraham
geneem[e] en hom geseën wat die
beloftes gehad het.[f] **7** Nou is
dit onteenseglik so dat die min-
dere deur die meerdere geseën
word.[g] **8** En in die een geval
is dit mense wat sterf wat tien-
des ontvang,[h] maar in die ander
geval is dit iemand van wie ge-
tuig word dat hy lewe.[i] **9** En,
as ek die uitdrukking mag ge-
bruik, deur middel van Abra-
ham het selfs Levi, wat tien-
des ontvang, tiendes betaal,
**10** want hy was nog in die len-
dene[j] van sy voorvader toe Mel-
gise′dek hom tegemoetgegaan
het.[k]

**11** As volmaaktheid[l] dan
werklik deur die Levitiese
priesterskap was[m] (want daar-
mee as kenmerk is die volk die
Wet gegee),[n] waarom sou dit
nog nodig wees[o] dat ’n ander
priester opstaan volgens die
wyse van Melgise′dek[p] en van
wie nie gesê word dat hy vol-
gens die wyse van Aäron is nie?
**12** Want aangesien die pries-
terskap verander word,[q] kom
daar noodwendig ook ’n veran-
dering van die wet.[r] **13** Want
die man van wie hierdie dinge
gesê word, was ’n lid van ’n an-
der stam,[s] waaruit niemand by
die altaar diens gedoen het nie.[t]
**14** Want dit is heel duidelik dat
ons Here uit Juda gespruit het,[u]
’n stam waaroor Moses niks in
verband met priesters gesê het
nie.

**15** En dit is nog baie duide-
liker dat daar ’n ander pries-
ter opstaan[v] wat met Melgise′-
dek ooreenkom,[a] **16** een wat
dit nie geword het volgens die
wet van ’n gebod wat van die
vlees afhang nie,[b] maar volgens
die krag van ’n onvernietigbare
lewe,[c] **17** want daar word ter
getuienis gesê: “Jy is ’n priester
vir ewig volgens die wyse van
Melgise′dek.”[d]

**18** Daar vind dan beslis ’n
tersydestelling van die voor-
gaande gebod plaas weens die
swakheid[e] en ondoeltreffend-
heid daarvan.[f] **19** Want die
Wet het niks tot volmaakt-
heid gebring nie,[g] maar die in-
voering daarnaas van ’n beter
hoop[h] het wel, waardeur ons na
aan God kom.[i] **20** Ook vir so-
ver dit nie sonder ’n gesworе
eed was nie **21** (want daar is
inderdaad manne wat sonder ’n
geswore eed priesters geword
het, maar daar is een met ’n eed
wat gesweer is deur die Een wat
met betrekking tot hom gesê
het: “Jehovah het gesweer[j] (en
hy sal nie spyt wees nie): ‘Jy is
’n priester vir ewig’ ”),[k] **22** in
sover het Jesus ook die een ge-
word wat as borg gegee is van
’n beter verbond.[l] **23** Verder
moes baie mekaar as priester
opvolg[m] omdat hulle deur die
dood verhinder is[n] om dit te bly,
**24** maar hy het sy priesterskap
sonder enige opvolgers omdat
hy vir ewig bly lewe.[o] **25** Ge-
volglik kan hy ook dié wat deur
hom tot God nader, volkome
red, omdat hy altyd lewe om vir
hulle te pleit.[p]

**26** Want só ’n hoëpriester
was vir ons geskik:[q] lojaal,[r] on-
skuldig,[s] onbesmet,[t] afgeskeie
van die sondaars,[u] en wat hoër
as die hemele geword het.[v]
**27** Hy hoef nie elke dag,[w] soos

HFST. 7

a Nu 18:26, De 14:28
b Le 7:34
c Joh 8:33
d Esr 2:62
e Ge 14:20
f Ge 12:7, Ge 17:6, Ge 22:17, Ro 4:13, Ga 3:16
g Heb 11:20
h Nu 18:21
i Heb 7:3
j Eks 1:5, Ro 7:9
k Ge 14:18
l Ro 3:20, Ga 2:21, Heb 7:19, Heb 9:9
m Heb 10:1
n Ga 3:19
o Jer 31:31, Heb 8:7
p Ps 110:4
q Heb 8:1
r Ro 3:27, 1Ko 9:21, Ga 6:2, Kol 2:14
s Op 5:5
t Nu 18:7, 2Kr 26:18
u Ge 49:10, Jes 11:1, Mt 1:3, Lu 3:33
v Heb 3:1, Heb 7:26

Tweede kol.

a Ps 110:4
b Ro 7:14
c Ro 6:9, 1Ti 6:16, Op 1:18
d Ps 110:4, Heb 5:6, Heb 6:20
e Ro 8:3, Ga 4:9
f Heb 9:9, Heb 13:9
g Han 13:39, Ga 2:16, Heb 10:1
h 1Ti 1:1, Heb 6:18, 1Pe 1:3
i Joh 14:6, Ro 5:2, Heb 4:16
j Heb 6:18
k Ps 110:4
l Jer 31:31, Mt 26:28, 1Ko 11:25, Heb 8:6, Heb 9:15, Heb 12:24
m 1Kr 6:4
n Nu 20:28, Jos 24:33
o Lu 1:33, Heb 7:16, Heb 13:8
p Ro 8:34, 1Ti 2:5, Heb 9:24, 1Jo 2:1
q Heb 4:15

r Jes 16:5; Heb 3:2; s Sag 9:9; t Jes 53:9; 1Pe 2:22; u Joh 8:46; v Ef 1:20; Heb 4:14; 1Pe 3:22; w Nu 28:3.

daardie hoëpriesters, offerandes te bring, eers vir sy eie sondes[a] en dan vir dié van die volk nie[b] (want dit het hy eens[c] en vir altyd gedoen toe hy homself geoffer het[d]); **28** want die Wet stel mense wat met swakheid belas is[e] as hoëpriesters aan,[f] maar die woord van die geswore eed[g] wat ná die Wet gekom het, stel ’n Seun aan, wat vir ewig tot volmaaktheid gebring is.[h]

**8** Wat die dinge onder bespreking dan nou betref, is dít die hoofsaak: Ons het só ’n hoëpriester,[i] en hy het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele gaan sit,[j] **2** ’n openbare dienaar van die heiligdom[k] en van die ware tent, wat Jehovah[l] opgerig het en nie ’n mens nie.[m] **3** Want elke hoëpriester word aangestel om gawes sowel as offerandes te bring;[n] derhalwe was dit nodig dat ook dié een iets moes hê om te offer.[o] **4** As hy dan nou op aarde was, sou hy nie ’n priester wees nie,[p] aangesien daar manne is wat volgens die Wet die gawes offer, **5** maar hulle verrig in ’n sinnebeeldige voorstelling[q] en ’n skaduwee[r] van die hemelse dinge heilige diens; net soos Moses, toe hy op die punt gestaan het om die tent[s] te voltooi, die goddelike bevel gegee is:[t] Want, sê hy: “Sorg dat jy alles maak volgens hulle voorbeeld wat op die berg vir jou gewys is.”[u] **6** Maar nou het Jesus ’n uitnemender openbare diens verkry, sodat hy ook die middelaar[v] van ’n dienooreenkomstig beter verbond is,[w] wat wetlik bevestig is op beter beloftes.[x]

**7** Want as daardie eerste verbond foutloos was, sou geen plek vir ’n tweede gesoek gewees het nie;[a] **8** want hy spreek sy afkeuring van die volk uit wanneer hy sê: “ ‘Kyk! Daar kom dae’, sê Jehovah, ‘en ek sal met die huis van Israel en met die huis van Juda ’n nuwe verbond sluit;[b] **9** nie volgens die verbond[c] wat ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe ek hulle hand gevat het om hulle uit Egipteland uit te lei nie,[d] want hulle het nie in my verbond gebly nie,[e] sodat ek opgehou het om oor hulle besorg te wees’, sê Jehovah.”[f]

**10** “ ‘Want dit is die verbond wat ek ná daardie dae met die huis van Israel sal sluit’, sê Jehovah. ‘Ek sal my wette in hulle verstand sit, en in hulle hart[g] sal ek dit skryf. En ek sal hulle God word,[h] en hulle sal my volk word.[i]

**11** “ ‘En hulle sal hoegenaamd nie elkeen sy medeburger en elkeen sy broer leer en sê: “Ken Jehovah!”[j] nie. Want hulle almal sal my ken,[k] van die geringste tot die grootste onder hulle. **12** Want ek sal barmhartig wees oor hulle onregverdige dade, en ek sal hoegenaamd nie meer aan hulle sondes[l] dink nie.’ ”[m]

**13** Deurdat hy sê “ ’n nuwe verbond”, het hy die vorige verouderd gemaak.[n] En wat verouderd gemaak is en oud word, is na aan verdwyning.[o]

**9** Wat die vorige verbond dan betref, dit het insettinge vir heilige diens[p] en sy aardse heiligdom[q] gehad. **2** Want ’n eerste tentafdeling is gemaak,[r] waarin die lampstaander[s] en ook die tafel[t] en die uitstalling van die brode[u] was;

**HFST. 7**
a Le 9:8
b Le 9:15
c Ro 6:10
d Heb 9:28; Heb 10:14
e Le 16:11
f Eks 29:9
g Ps 2:7; Ps 110:4
h Heb 2:10; Heb 5:9

**HFST. 8**
i Sag 6:13; Heb 3:1; Heb 7:26
j Ps 110:1; Heb 1:3
k Heb 9:8; Heb 9:24
l Eks 25:9; Ps 84:1; Heb 3:4
m Heb 9:11
n Heb 5:1
o Joh 6:51; Ef 5:2
p Heb 7:14
q Heb 9:9; Heb 9:24
r Kol 2:17; Heb 10:1
s Heb 9:9
t Eks 25:9
u Eks 25:40; Eks 26:30; Nu 8:4; Han 7:44
v 1Ti 2:5; Heb 12:24
w 1Ko 11:25; Heb 7:22; Heb 9:15
x Ps 110:4; Ro 8:17

**Tweede kol.**
a Heb 7:11; Heb 7:18
b Jer 31:31
c De 4:23
d Eks 12:51
e De 32:15
f Jer 31:32
g Ese 11:19; Ro 2:29
h 2Ko 6:16
i Jer 31:33; Sag 8:8; Heb 10:16
j Ho 2:20
k Jes 54:13; Joh 6:45
l Ps 103:12; Ro 11:27
m Jer 31:34; Heb 10:17
n Ro 10:4; Heb 7:12
o Mt 23:38; Ef 2:14; Kol 2:14

**HFST. 9**
p Le 4:6; Heb 9:9
q Eks 25:8

r Eks 26:33; s Eks 40:24; Nu 4:9; t Eks 40:22; u Eks 40:23.

en dit word “die Heilige”[a] ge-
noem. **3** Maar agter die twee-
de voorhangsel[b] was die tentaf-
deling wat “die Allerheiligste”[c]
genoem word. **4** Dit het ’n
goue reukvat[d] gehad en die ver-
bondsark,[e] wat rondom heelte-
mal met goud oorgetrek was,[f]
waarin die goue kruik met die
manna[g] was en die staf van
Aäron wat gebot het[h] en die ta-
fels[i] van die verbond; **5** maar
daarbo was die glorieryke ge-
rubs[j] wat die versoendeksel
oorskadu het.[k] Maar dit is nie
nou die tyd om in besonderhede
oor hierdie dinge te praat nie.

**6** Nadat hierdie dinge so ge-
maak is, gaan die priesters
deurentyd in die eerste tentaf-
deling in[l] om die heilige
dienste te verrig;[m] **7** maar in
die tweede afdeling gaan al-
leen die hoëpriester een keer
per jaar in,[n] nie sonder bloed
nie,[o] wat hy vir homself of-
fer[p] en vir die sondes wat die
volk uit onkunde begaan het.[q]
**8** So maak die heilige gees dit
duidelik dat die weg[r] tot in die
heiligdom nog nie openbaar ge-
maak was solank die eerste
tent gestaan het nie.[s] **9** Dié
tent is ’n illustrasie[t] vir die vas-
gestelde tyd wat nou hier is,[u]
en in ooreenstemming daarmee
word gawes sowel as offerandes
gebring.[v] Dié kan egter nie die
man wat heilige diens verrig,
tot volmaaktheid bring[w] wat sy
gewete betref nie,[x] **10** maar
het net met voedsel[y] en drank[z]
en verskillende dope[a] te doen.
Dit was wetlike vereistes wat
betrekking gehad het op die
vlees[b] en is opgelê tot die vasge-
stelde tyd om dinge reg te stel.[c]

**11** Toe Christus egter gekom
het as ’n hoëpriester[d] van die
goeie dinge wat geskied het,
deur die groter en volmaak-
ter tent wat nie met hande ge-
maak is nie, dit wil sê wat
nie van hierdie skepping is
nie,[a] **12** het hy, nee, nie met
die bloed[b] van bokke en van
jong bulle nie, maar met sy eie
bloed,[c] eens en vir altyd in die
heiligdom ingegaan en ’n ewi-
ge verlossing vir ons verkry.[d]
**13** Want as die bloed van bok-
ke[e] en van bulle[f] en die as[g] van
’n vers wat gesprinkel word op
dié wat verontreinig is,[h] soda-
nig heilig dat die vlees rein
word,[i] **14** hoeveel te meer sal
dan die bloed[j] van die Christus,
wat homself deur ’n ewige gees
sonder smet aan God geoffer
het,[k] ons gewetens van dooie
werke[l] reinig[m] sodat ons heilige
diens[n] aan die lewende God kan
verrig?

**15** Daarom is hy dan ’n mid-
delaar[o] van ’n nuwe verbond,
sodat dié wat geroep is, die be-
lofte van die ewige erfenis kan
ontvang,[p] aangesien ’n dood
plaasgevind het om hulle deur
’n losprys[q] te bevry van die oor-
tredings onder die vorige ver-
bond.[r] **16** Want waar daar ’n
verbond is,[s] moet daar die dood
van die menslike verbondslui-
ter wees. **17** Want ’n verbond
is geldig oor dooie slagoffers,
aangesien dit nooit van krag
is terwyl die menslike verbond-
sluiter lewe nie. **18** Gevolg-
lik is die vorige verbond[t] ook
nie sonder bloed[u] ingewy nie.
**19** Want toe elke gebod vol-
gens die Wet deur Moses tot
die hele volk gespreek is,[v] het
hy die bloed van die jong bulle
en van die bokke saam met wa-
ter en skarlaken wol en hisop[w]
geneem en die boek self en die
hele volk besprinkel **20** en
gesê: “Dit is die bloed van die

**HFST. 9**

a Eks 26:33
b Eks 36:35
c Eks 26:34
d Le 16:12; Op 8:3
e Eks 40:21
f Eks 25:11
g Eks 16:33
h Nu 17:10
i Eks 32:15; 2Kr 5:10
j Eks 25:22; Nu 7:89
k Eks 25:18; 1Kr 28:11
l Le 24:3
m Le 24:4
n Le 16:2; Heb 9:25
o Eks 30:10; Le 16:14
p Le 16:6
q Le 16:15
r Joh 14:6
s Heb 10:20
t Heb 8:5
u Kol 2:17; Heb 10:1
v Le 23:38
w Ga 3:21; Heb 7:11; Heb 7:19; Heb 8:6
x 1Pe 3:21
y Le 11:2
z Le 10:9; Le 11:34
a Le 11:40
b Nu 19:13
c Jes 2:4; Joh 1:17; Heb 1:2
d Heb 4:14

**Tweede kol.**

a Heb 9:24
b Mt 20:28; 1Ti 2:6; Heb 12:24; Heb 13:20
c Heb 8:3
d Jes 45:17; Da 9:24; Ro 11:27; Heb 10:17
e Le 16:15
f Le 16:6
g Nu 19:9
h Nu 19:17
i Nu 19:19
j Le 17:11; 1Pe 1:19
k Ef 5:2
l 1Ko 6:11; Heb 6:1
m Heb 10:2; 1Jo 1:7
n Ro 12:1; Flp 3:3; Heb 12:28
o 1Ti 2:5; Heb 12:24
p Ro 8:17
q Mt 20:28; Lu 22:20
r Ga 3:13
s Ge 21:27; Ga 3:15
t Eks 24:7

u Eks 24:6; v Eks 24:3; w Nu 19:6.

verbond wat God julle as 'n
gebod opgelê het."[a] **21** En hy
het die tent[b] en al die hou-
ers van die openbare diens net
so met die bloed besprinkel.[c]
**22** Ja, byna alles word volgens
die Wet met bloed gereinig,[d] en
tensy bloed uitgestort word,[e]
vind geen vergifnis plaas nie.[f]

**23** Daarom was dit nodig dat
die sinnebeeldige voorstellings[g]
van die dinge in die hemele
deur hierdie middele gereinig
word,[h] maar die hemelse dinge
self met offerandes wat beter as
sulke offerandes is. **24** Want
Christus het nie ingegaan in 'n
heiligdom wat met hande ge-
maak is,[i] wat 'n kopie van die
werklikheid is nie,[j] maar in
die hemel self,[k] om nou vir
ons voor die aangesig van God
te verskyn.[l] **25** Ook is dit nie
om homself dikwels te offer nie,
soos die hoëpriester wel van
jaar tot jaar[m] in die heiligdom
ingaan[n] met bloed wat nie sy
eie is nie. **26** Anders sou hy
dikwels van die grondlegging[o]
van die wêreld af moes ly. Maar
nou het hy hom[p] eens[q] en vir
altyd aan die voleinding van
die stelsels van dinge geopen-
baar[r] om sonde deur die opoffe-
ring van homself weg te doen.[s]
**27** En soos dit vir mense weg-
gelê is[t] om eens en vir altyd te
sterf, maar hierna 'n oordeel,[u]
**28** so is ook die Christus eens
en vir altyd geoffer[v] om die son-
des van baie te dra;[w] en die
tweede keer[x] dat hy verskyn,[y]
sal dit afgeskeie van die sonde
wees[z] en aan dié wat hom vurig
verwag vir hulle redding.[a]

**10** Want aangesien die Wet
'n skaduwee[b] het van die
toekomstige goeie dinge, maar
nie die wese van die dinge nie,
kan mense nooit met dieselfde
offerandes wat hulle van jaar
tot jaar voortdurend bring, dié
wat nader kom, tot volmaakt-
heid bring nie.[a] **2** Sou hulle
andersins nie opgehou het om
offerandes te bring omdat dié
wat heilige diens verrig en eens
en vir altyd gereinig is, geen be-
wustheid van sondes meer sou
hê nie?[b] **3** Inteendeel, deur
hierdie offerandes is daar van
jaar tot jaar 'n herinnering aan
sondes,[c] **4** want dit is nie vir
die bloed van bulle en van bok-
ke moontlik om sondes weg te
neem nie.[d]

**5** Daarom sê hy wanneer hy
in die wêreld inkom: "'Offe-
rande en offergawe wou u nie
hê nie,[e] maar u het vir my
'n liggaam berei.[f] **6** U het nie
heelbrandoffers en sondoffer
goedgekeur nie.'[g] **7** Toe het
ek gesê: 'Kyk! Ek het gekom (in
die boekrol staan daar van my
geskrywe)[h] om u wil te doen,
o God.'"[i] **8** Nadat hy eers ge-
sê het: "Offerandes en offerga-
wes en heelbrandoffers en sond-
offer wou u nie hê nie en het
u nie goedgekeur nie"[j]—offe-
randes wat volgens die Wet ge-
bring word[k]— **9** sê hy daar-
na: "Kyk! Ek het gekom om u
wil te doen."[l] Hy doen weg met
die eerste sodat hy die tweede
tot stand kan bring.[m] **10** Deur
die genoemde "wil"[n] is ons ge-
heilig[o] deur middel van die of-
fer[p] van die liggaam van Jesus
Christus, eens[q] en vir altyd.

**11** Ook neem elke priester
van dag tot dag[r] sy plek in[s]
om openbare diens te verrig
en om dieselfde offerandes dik-
wels te bring, aangesien dit son-
des nooit heeltemal kan weg-
neem nie.[t] **12** Maar hierdie
man het vir altyd een offerande

**HFST. 9**

a Eks 24:8
b Le 16:16
c Eks 29:12, Le 8:15, Le 16:18
d Le 17:11
e Le 9:9
f Ef 1:7
g Heb 8:5, Heb 9:9
h Le 16:19, Le 16:20
i Heb 8:2
j Kol 2:17
k Heb 6:20, Heb 9:12, Heb 10:19
l Le 16:15, Joh 16:28, Ro 8:34
m Le 16:34
n Le 16:2
o Ef 1:4
p Ga 4:4, 1Pe 1:20
q Heb 7:27, 1Pe 3:18
r Mt 24:3, 1Ko 10:11, Heb 1:2
s Jes 53:12, Da 9:24, 1Ko 5:7
t Eks 29:9, Le 16:11, Heb 7:27, Heb 7:28, Heb 9:7
u Joh 17:1
v Ro 6:10
w Jes 53:12, 1Pe 2:24
x Mt 24:3, Tit 2:13
y 2Te 1:7
z Mt 24:30
a Mt 25:34, 2Ti 4:8

**HFST. 10**

b Kol 2:17, Heb 8:5

**Tweede kol.**

a Heb 7:19, Heb 9:9
b Ga 3:21
c Le 16:30, Le 16:34
d Jes 1:11, Mi 6:7
e Ps 50:8, Am 5:22
f Ps 40:6
g Ps 40:6
h Ps 40:7
i Ps 40:8
j Ps 40:6
k Le 17:5
l Ps 40:8, Joh 6:38
m Kol 2:14, Heb 8:13
n Ps 40:8, Ga 1:4
o Joh 17:19, 1Ko 6:11, Heb 13:12

**p** Ef 5:2; **q** Ro 6:10; Heb 9:28; **r** Eks 29:38; Nu 28:3; **s** 1Sa 2:28; 1Kr 24:19; 2Kr 29:11; **t** Heb 7:18; Heb 7:27; Heb 10:1.

vir sondes gebring[a] en het aan
die regterhand van God gaan
sit,[b] **13** en hy wag van toe af
totdat sy vyande 'n voetbank
vir sy voete gemaak word.[c]
**14** Want deur een slagoffer[d] het
hy dié wat geheilig word, vir al-
tyd tot volmaaktheid gebring.[e]
**15** Bowendien getuig ook die
heilige gees[f] aan ons, want na-
dat dit gesê het: **16** "'Dit is
die verbond wat ek ná daardie
dae ten opsigte van hulle sal
sluit', sê Jehovah. 'Ek sal my
wette in hulle hart sit, en in hul-
le verstand sal ek dit skryf' ",[g]
**17** sê dit daarna: "En ek sal
hoegenaamd nie meer aan hulle
sondes en hulle wettelose dade
dink nie."[h] **18** Waar daar dan
nou vergifnis[i] hiervan is, is
daar geen offer meer vir sonde
nie.[j]

**19** Daarom, broers, aange-
sien ons deur die bloed van Je-
sus vrymoedigheid het ten op-
sigte van die weg wat toegang[k]
tot die heiligdom[l] verleen,
**20** wat hy vir ons ingewy het
as 'n nuwe en lewende weg deur
die voorhangsel[m] heen, dit is sy
vlees,[n] **21** en aangesien ons 'n
groot priester oor die huis van
God het,[o] **22** laat ons dan met
'n waaragtige hart nader kom
in die volle versekerdheid van
die geloof, aangesien ons harte
deur besprinkeling van 'n god-
delose gewete gereinig is[p] en
ons liggaam met rein water ge-
was is.[q] **23** Laat ons aan die
openbare bekendmaking van
ons hoop vashou[r] sonder om
te wankel,[s] want hy wat beloof
het, is getrou.[t] **24** En laat ons
op mekaar ag gee om tot liefde
en goeie werke[u] aan te spoor[v]
**25** en nie ons onderlinge ver-
gadering nalaat[w] soos party die
gewoonte het nie, maar mekaar
aanmoedig,[x] en dit des te meer
namate julle die dag sien nader
kom.[a]

**26** Want as ons moedswil-
lig sonde beoefen[b] nadat ons
die juiste kennis van die waar-
heid ontvang het,[c] is daar geen
offerande vir sondes meer oor
nie,[d] **27** maar daar is 'n se-
kere vreeslike verwagting van
oordeel[e] en 'n vurige jaloe-
sie wat die teenstanders gaan
verteer.[f] **28** Enigiemand wat
die wet van Moses verontag-
saam het, sterf sonder mede-
lye op die getuienis van twee
of drie.[g] **29** Hoeveel swaarder
straf,[h] dink julle, sal die mens
dan waardig geag word wat die
Seun van God vertrap het[i] en
wat die bloed[j] van die verbond
waardeur hy geheilig is, van ge-
wone waarde geag het en wat
die gees van onverdiende goed-
hartigheid met veragting be-
ledig het?[k] **30** Want ons ken
hom wat gesê het: "Die wraak is
myne; ek sal vergeld";[l] en weer:
"Jehovah sal sy volk oordeel."[m]
**31** Dit is iets vreesliks om in
die hande van die lewende God
te val.[n]

**32** Hou egter aan om die
vroeëre dae te onthou waarin
julle, nadat julle verlig is,[o] on-
der baie lyding 'n groot stryd
verduur het,[p] **33** soms terwyl
julle soos in 'n teater[q] aan
smaad sowel as verdrukkinge
blootgestel is, en soms terwyl
julle deelgenote geword het
met dié wat so 'n ondervinding
deurgemaak het.[r] **34** Want
julle het simpatie betuig met
dié in die gevangenis en ook
die plundering[s] van julle besit-
tings met vreugde aanvaar in
die wete dat julle 'n beter en 'n
blywende besitting het.[t]

**35** Moet dus nie julle vry-
moedigheid van spraak, wat 'n
groot beloning inhou,[u] weggooi

**HFST. 10**

a Heb 9:28
b Ro 8:34, Kol 3:1
c Ps 110:1, Han 2:35, 1Ko 15:25
d Heb 9:28
e Heb 7:11, Heb 7:19
f Jer 1:4
g Jer 31:33, Heb 8:10
h Jer 31:34, Heb 8:12
i Joh 8:36
j Joh 20:23
k Joh 14:6, Ro 5:2
l Heb 9:8, Heb 9:24
m Mt 27:51
n Joh 6:51, Heb 6:20
o Sag 6:13, Heb 3:6
p Heb 13:18, 1Jo 1:7
q Ese 36:25, Ef 5:26
r Heb 3:6, Heb 6:19
s 1Ko 15:58, Kol 1:23
t 1Te 5:24
u Kol 3:23, 1Ti 6:18
v Eks 25:2
w De 31:12, Mt 18:20, Han 2:42, Han 20:8
x Jes 35:3, Ro 1:12

**Tweede kol.**

a Ro 13:11, 2Pe 3:12
b Jak 4:17, 1Jo 5:16
c Heb 6:4, 2Pe 2:21
d Mt 12:32
e Lu 19:27
f Jes 26:11, Mr 3:29
g De 17:6
h 1Pe 4:18
i Mt 7:6, Flp 3:18, Heb 6:6
j Mt 26:28, Lu 22:20
k Ef 4:30
l De 32:35
m De 32:36
n Heb 12:29, 2Pe 2:4
o Han 26:18, 2Ko 4:6, Heb 6:4
p Flp 1:29, 2Ti 3:12
q 1Ko 4:9
r Flp 1:7
s Mt 5:12
t Lu 16:9
u Mt 10:32

nie.[a] **36** Want julle het vol-
harding nodig,[b] sodat julle, na-
dat julle die wil van God gedoen
het,[c] die vervulling van die be-
lofte kan ontvang.[d] **37** Want
nog "'n baie kort rukkie",[e] en
"hy wat kom, sal kom en sal nie
talm nie".[f] **38** "Maar my reg-
verdige sal weens geloof lewe",[g]
en "as hy terugdeins, het my
siel geen behae in hom nie".[h]
**39** Ons is dan nou nie die soort
wat terugdeins tot vernietiging
nie,[i] maar die soort wat geloof
het tot die behoud van die siel.[j]

**11** Geloof[k] is die gewaar-
borgde verwagting van
dinge waarop gehoop word,[l]
die duidelike bewys van werk-
likhede hoewel hulle nie gesien
word nie.[m] **2** Want deur mid-
del hiervan het die manne van
die ou tyd getuienis aangaande
hulleself ontvang.[n]

**3** Deur geloof verstaan ons
dat die stelsels van dinge[o] deur
God se woord georden is,[p] sodat
wat gesien word, ontstaan het
uit dinge wat nie sigbaar word
nie.[q]

**4** Deur geloof het Abel 'n
offerande van groter waarde
aan God gebring as Kain,[r] en
deur hierdie geloof het hy ge-
tuienis aangaande homself ont-
vang dat hy regverdig is, aan-
gesien God aangaande sy gawes
getuig het;[s] en daardeur spreek
hy nog, hoewel hy gesterf het.[t]

**5** Deur geloof is Henog[u] weg-
gevoer om die dood nie te sien
nie, en hy kon nêrens gevind
word nie, omdat God hom weg-
gevoer het;[v] want voor sy weg-
voering het hy die getuienis
gehad dat hy vir God welbe-
haaglik was.[w] **6** Wat meer is,
sonder geloof[x] is dit onmoont-
lik om vir hom welbehaaglik te
wees,[y] want hy wat tot God na-
der, moet glo dat hy is[a] en dat
hy die beloner[b] word van dié
wat hom ernstig soek.[c]

**7** Deur geloof het Noag,[d] na-
dat hy 'n goddelike waarsku-
wing gegee is oor dinge wat nog
nie gesien is nie,[e] godvrugtige
vrees aan die dag gelê en 'n ark
gebou[f] tot redding van sy huis-
gesin; en deur hierdie geloof
het hy die wêreld veroordeel,[g]
en hy het 'n erfgenaam geword
van die regverdigheid[h] wat vol-
gens geloof is.

**8** Deur geloof was Abra-
ham,[i] toe hy geroep is, gehoor-
saam deur weg te trek na 'n
plek wat hy bestem was om as
erfenis te ontvang; en hy het
weggetrek, hoewel hy nie ge-
weet het waarheen hy gaan
nie.[j] **9** Deur geloof het hy as
'n vreemdeling in die land van
die belofte gewoon soos in 'n
vreemde land[k] en in tente ge-
woon[l] saam met Isak[m] en Ja-
kob,[n] wat saam met hom die
erfgename van presies dieself-
de belofte was.[o] **10** Want hy
het gewag op die stad[p] wat ware
fondamente het, waarvan God
die bouer en maker is.[q]

**11** Deur geloof het ook Sara[r]
self krag ontvang om saad te
ontvang, selfs toe sy verby die
ouderdomsgrens was,[s] aange-
sien sy hom wat beloof het, ge-
trou geag het.[t] **12** Daarom is
ook uit een man,[u] en hy so goed
as dood,[v] kinders gebore so tal-
ryk soos die sterre van die he-
mel en soos die sand aan die
seestrand, ontelbaar.[w]

**13** In geloof het hulle almal
gesterf,[x] hoewel hulle nie die
vervulling van die beloftes ver-
kry het nie,[y] maar hulle het
dit van ver gesien[z] en dit ver-

**HFST. 10**

a Joh 18:20; 1Ko 15:58
b Lu 21:19; Jak 5:11
c Ga 6:9
d Ga 3:29; Kol 3:24
e Jes 26:20
f Hab 2:3; 2Pe 3:9
g Hab 2:4; Joh 3:16; Ro 1:17
h Hab 2:4; 1Jo 2:19
i 2Pe 2:20
j 1Te 5:9; 1Pe 1:9

**HFST. 11**

k Lu 17:5; Lu 18:8; Ga 3:11
l Heb 10:22; Heb 11:13
m Ro 8:24; 2Ko 4:18; 2Ko 5:7
n Heb 11:39
o Kol 1:26
p Ps 33:6; 2Pe 3:5
q Ro 1:20
r Ge 4:5
s Ge 4:4
t Ge 4:10; Mt 23:35
u Ge 5:22; Jud 14
v Ge 5:24
w Ge 5:22
x 2Te 3:2
y Ga 2:16

**Tweede kol.**

a Joh 7:28; Ro 10:14; Heb 9:24
b 1Sa 2:7; Ps 58:11; Mt 5:12
c Sef 2:3; Mt 6:33
d Ge 6:8
e Ge 6:13
f Ge 6:14
g Ge 6:22
h Ro 1:17; Ro 3:22; Ga 5:5; Flp 3:9; 2Pe 2:5
i Ge 12:1; Ro 4:11; Ro 4:13
j Ge 12:4; Han 7:2
k Ge 23:4
l Ge 12:8
m Ge 21:3
n Ge 25:26
o Ge 17:6; Ge 26:3; Ge 28:13
p Joh 8:56; Heb 13:14; Op 21:2
q Heb 3:4

r Ge 17:15; s Ge 17:17; t Ge 21:2; u Ge 21:5; v Ro 4:19; w Ge 22:17; 1Kn 4:20; x Ge 23:4; y Ge 47:9; z Joh 8:56.

welkom en in die openbaar be-
kend gemaak dat hulle vreem-
delinge en tydelike inwoners in
die land is.[a] **14** Want dié wat
sulke dinge sê, toon dat hul-
le ernstig ’n plek soek wat hul-
le eie is.[b] **15** En tog sou hul-
le, as hulle werklik bly dink het
aan die plek waaruit hulle weg-
getrek het,[c] die geleentheid ge-
had het om terug te keer.[d]
**16** Maar nou streef hulle na ’n
beter plek, dit is een wat tot
die hemel behoort.[e] God skaam
hom derhalwe nie vir hulle nie,
om as hulle God aangeroep te
word nie,[f] want hy het ’n stad[g]
vir hulle gereedgemaak.

**17** Deur geloof het Abra-
ham, toe hy op die proef ge-
stel is,[h] Isak so goed as geoffer,
en die man wat die beloftes met
blydskap ontvang het, het sy
enigverwekte seun probeer of-
fer,[i] **18** hoewel daar vir hom
gesê is: “Wat ‘jou saad’ genoem
sal word, sal deur Isak wees.”[j]
**19** Maar hy het gereken dat
God hom selfs uit die dode kon
opwek;[k] en daaruit het hy hom
dan ook, by wyse van illustra-
sie, ontvang.[l]

**20** Deur geloof het ook Isak
vir Jakob[m] en Esau[n] met be-
trekking tot toekomstige dinge
geseën.

**21** Deur geloof het Jakob,
toe hy sterwend was,[o] elkeen
van Josef se seuns geseën[p] en
het hy aanbid terwyl hy op die
top van sy staf geleun het.[q]

**22** Deur geloof het Josef, toe
hy sy einde genader het, mel-
ding gemaak van die uittog[r]
van die kinders van Israel; en
hy het bevel gegee aangaande
sy beendere.[s]

**23** Deur geloof is Moses ná
sy geboorte drie maande lank
deur sy ouers weggesteek,[t] om-
dat hulle gesien het dat die
jong kindjie mooi was[a] en hul-
le nie die bevel van die koning
gevrees het nie.[b] **24** Deur ge-
loof het Moses, nadat hy groot-
geword het,[c] geweier om die
seun van Farao se dogter[d] ge-
noem te word **25** en verkies
om liewer saam met die volk
van God sleg behandel te word
as om die tydelike genieting
van sonde te hê, **26** omdat
hy die smaad[e] van die Chris-
tus groter rykdom geag het as
die skatte van Egipte; want hy
het sy blik stip op die beloning
gerig gehou.[f] **27** Deur geloof
het hy Egipte verlaat,[g] maar
sonder om die toorn van die
koning te vrees,[h] want hy het
standvastig gebly asof hy die
Onsigbare sien.[i] **28** Deur ge-
loof het hy die pasga gevier[j] en
die bespatting van die bloed,[k]
sodat die vernietiger nie hul-
le eersgeborenes sou aanraak
nie.[l]

**29** Deur geloof het hulle
deur die Rooi See getrek soos
oor droë land,[m] maar toe die
Egiptenaars dit daarop waag,
is hulle verswelg.[n]

**30** Deur geloof het die mure
van Je′rigo geval nadat daar
sewe dae lank daaromheen ge-
trek is.[o] **31** Deur geloof het
Ragab,[p] die hoer, nie omgekom
saam met dié wat ongehoor-
saam was nie, omdat sy die spi-
oene vreedsaam ontvang het.[q]

**32** En wat sal ek nog meer
sê? Want die tyd sal my ont-
breek as ek nog sou vertel van
Gi′deon,[r] Barak,[s] Simson,[t] Jef-
ta,[u] Dawid[v] sowel as Samuel[w]
en die ander profete,[x] **33** wat
deur geloof koninkryke in die
stryd verslaan het,[y] regverdig-
heid bewerkstellig het,[z] belof-
tes verkry het,[a] die bekke van

**HFST. 11**
a 1Kr 29:15 Ps 39:12 Ef 2:19 1Pe 2:11
b Heb 13:14
c Ge 11:31
d Ge 24:6
e Mt 4:17 Mt 25:34 Flp 3:20
f Eks 3:15 Mt 22:32 Han 7:32
g Heb 12:22 Op 21:2
h Ge 22:1
i Ge 22:9 Joh 3:16
j Ge 21:12 Ro 9:7
k Ro 4:17
l 1Ko 10:11 1Ko 15:20
m Ge 27:27
n Ge 27:39
o Ge 47:29
p Ge 48:20
q Ge 47:31
r Ge 50:24
s Ge 50:25 Eks 13:19
t Eks 2:2

**Tweede kol.**
a Han 7:20
b Eks 1:16 Eks 1:22
c Eks 2:11
d Eks 2:10 Han 7:21
e Ps 69:9 Ro 15:3
f Heb 10:34
g Eks 12:51
h Eks 10:28
i Joh 1:18 Joh 4:24 1Ti 1:17
j Eks 12:21
k Eks 12:22
l Eks 12:23
m Eks 14:22
n Eks 14:28
o Jos 6:20
p Jos 2:1
q Jos 6:17
r Rig 6:11
s Rig 4:6
t Rig 13:24
u Rig 11:1
v 1Sa 16:13
w 1Sa 3:20
x Han 3:24
y Rig 7:22
z Ge 15:6 Heb 11:4
a 2Sa 7:12

leeus toegestop het,[a] **34** die
krag van vuur gestuit het,[b]
aan die skerpte van die swaard
ontkom het,[c] uit 'n swak toe-
stand kragtig gemaak is,[d] dap-
per geword het in oorlog,[e] die
leërs van vreemdelinge op die
vlug gejaag het.[f] **35** Vroue
het hulle dooies deur opstan-
ding ontvang;[g] maar ander
manne is gemartel omdat hul-
le nie bevryding deur die een
of ander losprys wou aanvaar
nie, sodat hulle 'n beter opstan-
ding kon verkry. **36** Ja, ander
het hulle beproewing deur be-
spottinge en geselinge gekry,
selfs meer as dit, deur boeie[h]
en gevangenisse.[i] **37** Hulle is
gestenig,[j] hulle is beproef,[k] hul-
le is in stukke gesaag, hulle het
gesterf[l] deur slagting met die
swaard, hulle het rondgeloop in
skaapvelle,[m] in bokvelle, terwyl
hulle gebrek gely het,[n] in ver-
drukking verkeer het,[o] sleg be-
handel is;[p] **38** en die wêreld
was hulle nie werd nie. Hulle
het rondgeswerf in woestyne
en berge en grotte[q] en gate van
die aarde.

**39** En tog het hulle almal,
hoewel hulle deur hulle ge-
loof getuienis aangaande hulle-
self ontvang het, nie die vervul-
ling van die belofte verkry nie,[r]
**40** aangesien God iets beters[s]
vir ons[t] vooruitgesien het, so-
dat hulle[u] nie sonder ons[v] tot
volmaaktheid gebring sou word
nie.[w]

**12** Daarom dan, omdat ons
so 'n groot wolk van ge-
tuies[x] rondom ons het, laat ons
ook elke gewig aflê[y] en die son-
de wat ons maklik verstrik,[z]
en laat ons die wedloop[a] wat
voor ons gestel is,[b] met volhar-
ding[c] hardloop, **2** terwyl ons
die blik stip gerig hou op die
Hoofbewerker[d] en Vervolmaker
van ons geloof,[a] Jesus. Vir die
vreugde wat hom voorgehou is,
het hy 'n folterpaal verduur,[b]
terwyl hy die skande verag het,
en het hy aan die regterhand
van die troon van God gaan
sit.[c] **3** Ja, let noukeurig op die
een wat sulke teëspraak[d] deur
sondaars teen hulle eie belan-
ge verduur het, sodat julle nie
moeg word en in julle siel be-
swyk nie.[e]

**4** In die voortsetting van jul-
le stryd teen daardie sonde
het julle nog nooit tot bloe-
dens toe weerstand gebied nie,[f]
**5** maar julle het die vermaning
wat julle as seuns aanspreek,
heeltemal vergeet:[g] "My seun,
moenie die dissipline wat van
Jehovah kom, geringag nie, en
moet ook nie beswyk wanneer
jy deur hom tereggewys word
nie;[h] **6** want Jehovah dissipli-
neer hom wat hy liefhet; ja, hy
gesel elkeen wat hy as 'n seun
aanneem."[i]

**7** Wat julle verduur, dien
tot dissipline.[j] God behandel
julle soos seuns.[k] Want watter
seun is daar wat nie deur 'n
vader gedissiplineer word nie?[l]
**8** Maar as julle sonder die dissi-
pline is waarvan almal deel-
genote geword het, is julle in
werklikheid buite-egtelike kin-
ders[m] en nie seuns nie. **9** Ver-
der, ons het vaders gehad wat
van ons vlees was om ons te dis-
siplineer,[n] en ons het aan hul-
le respek betoon. Sal ons ons
dan nie veel meer aan die Vader
van ons geestelike lewe onder-
werp en lewe nie?[o] **10** Want
hulle het ons 'n paar dae na hul-
le goeddunke gedissiplineer,[p]
maar hy doen dit tot ons nut
sodat ons aan sy heiligheid
deel kan hê.[q] **11** Geen dissi-

**HFST. 11**
a Rig 14:6; 1Sa 17:34
b Da 3:23
c 2Kn 6:15
d Rig 16:28; 1Kn 18:46
e Rig 11:32; 2Sa 23:8
f Rig 4:16
g 1Kn 17:22; 2Kn 4:34
h Jer 20:2
i Jer 37:15
j 1Kn 21:13; 2Kr 24:21
k 1Kn 22:24
l 1Kn 18:4
m 2Kn 1:8
n 1Kn 19:5
o 1Kn 19:2
p Jer 38:6
q 1Kn 18:4; 1Kn 19:9
r Ge 22:18; Ge 49:10; Heb 11:13
s Heb 2:3; Heb 3:1; Heb 7:22; Op 20:6
t Ro 8:18; Ro 9:27; Ro 11:5; Heb 10:19
u Heb 11:32
v Jak 1:18; Op 14:4
w Heb 7:11; Heb 7:19

**HFST. 12**
x Heb 11:39
y 1Ko 9:26; Flp 3:13; 1Pe 2:1
z Kol 2:8; 1Ti 6:9; Heb 3:12
a 1Ko 9:24
b Flp 3:14
c 1Ti 6:12
d Joh 14:6; Han 5:31; Heb 2:10

**Tweede kol.**
a 1Ko 1:8; Flp 1:6
b Flp 2:8
c Ps 110:1; Heb 10:12
d Mt 27:39
e Ga 6:9; 2Te 3:13
f Han 12:2; Heb 10:32
g Mt 5:45
h Spr 3:11
i Spr 3:12
j Heb 12:1
k 2Sa 7:14; Mt 5:9; Heb 2:10
l Spr 13:24
m De 23:2
n Spr 23:13

o Nu 16:22; Jes 42:5; Mal 1:6; Jak 4:10; p Spr 22:6; q Le 11:44; 1Pe 1:15.

pline lyk weliswaar op die oom-
blik vreugdevol nie, maar be-
droewend;[a] tog lewer dit later
vir dié wat daardeur geoefen is
vreedsame vrug op,[b] naamlik
regverdigheid.[c]

**12** Rig derhalwe die hande
wat hang[d] en die lam knieë op,[e]
**13** en hou aan om reguit paaie
vir julle voete te maak,[f] sodat
wat kreupel is, nie uit lit raak
nie, maar eerder gesond ge-
maak word.[g] **14** Streef vrede
met alle mense na[h] en die heili-
ging[i] waarsonder geen mens
die Here sal sien nie,[j] **15** ter-
wyl julle sorgvuldig toesien
dat niemand van die onverdien-
de goedhartigheid van God be-
roof word nie;[k] dat geen giftige
wortel[l] opskiet en moeilikheid
veroorsaak en dat baie daar-
deur verontreinig word nie;[m]
**16** dat daar geen hoereerder is
of enigeen wat heilige dinge nie
waardeer nie, soos Esau,[n] wat
in ruil vir een maaltyd sy regte
as eersgeborene weggegee het.[o]
**17** Want julle weet dat hy ook
agterna, toe hy die seën wou
beërf,[p] verwerp is,[q] want hoe-
wel hy met trane ernstig 'n ver-
andering van gedagte probeer
verkry het,[r] het hy geen plek
daarvoor gevind nie.[s]

**18** Want julle het nie gena-
der wat betas kan word[t] en wat
met vuur aan die brand gesteek
is[u] en 'n donker wolk en dik
duisternis en 'n storm[v] **19** en
die geskal van 'n trompet[w] en
die stem van woorde nie;[x] waar-
op die volk, toe hulle daardie
stem hoor, gesmeek het dat
geen woord vir hulle bygevoeg
moes word nie.[y] **20** Want die
bevel was vir hulle ondraag-
lik: "En as 'n dier aan die berg
raak, moet dit gestenig word."[z]
**21** Ook was die skouspel so
vreeswekkend dat Moses gesê
het: "Ek is bevrees en bewe."[a]
**22** Maar julle het 'n berg Sion
genader[b] en 'n stad[c] van die le-
wende God, hemelse Jerusa-
lem,[d] en tienduisende engele,[e]
**23** in algemene vergadering,[f]
en die gemeente van die eersge-
borenes,[g] wat in die hemele op-
geskryf is,[h] en God, die Reg-
ter van almal,[i] en die geestelike
lewens[j] van regverdiges wat
tot volmaaktheid gebring is,[k]
**24** en Jesus, die middelaar[l] van
'n nuwe verbond,[m] en die bloed
van die besprinkeling,[n] wat op
'n beter wyse as Abel se bloed
spreek.[o]

**25** Sien toe dat julle nie vra
om verskoon te word by hom
**2** Mag onverdiende goedhartigheid en vrede vir julle vermeerder word[f] deur juiste kennis[g] van God en van Jesus, ons Here, **3** aangesien sy goddelike krag ons al die dinge geskenk het wat met lewe[h] en godvrugtige toegewydheid[i] verband hou, deur die juiste kennis van die een wat ons deur heerlikheid[j] en deug geroep het.[k] **4** Deur hierdie dinge het hy ons die kosbare en uiters grootse beloftes[l] geskenk, sodat julle hierdeur deelgenote in die goddelike[m] natuur[n] kan word, nadat julle aan die verdorwenheid ontvlug het wat deur wellus in die wêreld is.[o]

**5** Ja, juis daarom moet julle, deur in reaksie hierop alle ywerige inspanning by te dra,[p] by julle geloof deug voeg,[q] by julle deug kennis,[r] **6** by julle kennis selfbeheersing,[s] by julle selfbeheersing volharding,[t] by julle volharding godvrugtige toegewydheid, **7** by julle godvrugtige toegewydheid broederlike geneentheid, by julle broederlike geneentheid liefde.[u] **8** Want as hierdie dinge in julle bestaan en oorvloedig is, sal dit verhoed dat julle onbedrywig of onvrugbaar word[v] met betrekking tot die juiste kennis van ons Here Jesus Christus.

**9** Want as hierdie dinge by iemand nie aanwesig is nie, is hy blind en sluit hy sy oë vir die lig[a] en het hy die reiniging[b] van sy sondes van lank gelede vergeet.[c] **10** Daarom, broers, moet julle des te meer julle uiterste bes doen om julle roeping[d] en verkiesing[e] vir julle te verseker; want as julle aanhou om hierdie dinge te doen, sal julle beslis nooit faal nie.[f] **11** Trouens, so sal die ingang[g] in die ewige[h] koninkryk van ons Here en Redder Jesus Christus[i] ryklik aan julle verskaf word.

**12** Om dié rede sal ek geneig wees om julle altyd aan hierdie dinge te herinner,[j] hoewel julle hulle ken en vasstaan in die waarheid[k] wat in julle aanwesig is.[l] **13** Maar ek ag dit reg, solank ek in hierdie tabernakel is,[m] om julle deur herinnering op te wek,[n] **14** aangesien ek weet dat die aflegging van my tabernakel op hande is,[o] net soos ook ons Here Jesus Christus vir my aangedui het.[p] **15** Daarom sal ek ook te alle tye my uiterste bes doen sodat julle ná my vertrek[q] self van hierdie dinge melding kan maak.

**16** Nee, dit was nie deur kunstig versinde valse stories te volg[r] dat ons die krag en teenwoordigheid van ons Here Jesus Christus aan julle bekend gemaak het nie,[s] maar deurdat ons ooggetuies van sy luisterrykheid geword het.[t] **17** Want hy het eer en heerlikheid van God die Vader ontvang[u] toe hierdie woorde deur die luisterryke heerlikheid tot hom gekom het: "Dit is my seun, my geliefde, wat ek self goedgekeur het."[v] **18** Ja, hierdie woorde het ons uit die hemel hoor kom[w]

HFST. 1

a Tit 1:1
b 1Pe 1:1
c Han 15:7; Ga 3:28
d Ro 1:17
e Tit 2:13
f Jud 2
g Kol 1:9
h Joh 17:3
i 1Ti 3:16
j 2Ko 4:6; 2Te 2:14
k 2Ti 1:9; 1Pe 2:9
l Lu 22:30; Joh 14:2; Ga 3:29
m Han 17:29
n 1Ko 15:53; Heb 12:10; 1Pe 1:4; 1Jo 3:2; Op 20:6
o 2Pe 2:20
p Flp 2:12; 2Ti 2:15; Heb 4:11; Jud 3
q Flp 4:8
r Joh 17:3; Heb 5:14
s 1Ko 9:25; 2Ti 2:24
t 2Pe 2:9
u 1Te 4:9
v Tit 3:14; Op 2:4

Tweede kol.

a 1Jo 2:9; Op 3:17
b Heb 9:14; 1Jo 1:7
c Jak 1:25
d Heb 3:1
e 1Te 1:4
f 2Ti 4:7
g Mt 7:14; Lu 16:9; Joh 3:5
h Da 2:44; 1Ko 15:53
i 2Ti 4:18
j Ro 15:15
k 1Jo 2:21
l Jud 5
m 2Ko 5:1
n 2Pe 3:1
o 2Ti 4:6
p Joh 21:18
q Lu 9:31
r 1Ti 1:4
s Mt 24:30
t Mt 17:2; Mr 9:2; Lu 9:29
u Da 7:14
v Ps 2:7; Mt 17:5; Mr 9:7; Lu 9:35
w Mt 17:6

terwyl ons saam met hom op die
heilige berg was.[a]
**19** Gevolglik is die profetiese
woord[b] vir ons vaster gemaak;[c]
en julle doen goed deur aan-
dag daaraan te skenk soos aan
’n lamp[d] wat in ’n donker plek
skyn, totdat die dag aanbreek
en ’n dagster[e] opgaan, in julle
harte. **20** Want dít weet julle
allereers, dat geen profesie van
die Skrif uit enige eie uitlegging
voortspruit nie.[f] **21** Want pro-
fesie is nooit deur die wil van
’n mens voortgebring nie,[g] maar
mense het uit God gespreek[h]
namate hulle deur heilige gees
meegevoer is.[i]

**2** Daar het egter ook valse
profete onder die volk opge-
staan, soos daar ook valse on-
derrigters onder julle sal wees.[j]
Húlle sal heimlik verderflike
sektes invoer en sal selfs die
eienaar verloën wat hulle ge-
koop het[k] en so ’n spoedige
vernietiging oor hulleself bring.
**2** Verder sal baie hulle losban-
dige dade[l] navolg,[m] en weens
hulle sal die weg van die waar-
heid gesmaad word.[n] **3** Ook
sal hulle julle uit hebsug met
valse woorde uitbuit.[o] Maar wat
hulle betref, die oordeel van
lank gelede[p] sloer nie, en hulle
vernietiging sluimer nie.[q]
**4** Waarlik, as God hom nie
daarvan weerhou het om die
engele[r] te straf wat gesondig
het nie, maar hulle, deur hulle
in Tar′tarus[s] te werp, aan kuile
van dik duisternis oorgelewer
het om vir die oordeel bewaar
te word;[t] **5** en hy hom nie
daarvan weerhou het om ’n eer-
tydse wêreld te straf nie,[u] maar
Noag, ’n prediker van regver-
digheid,[v] met sewe ander veilig
bewaar het[w] toe hy ’n water-
vloed[x] oor ’n wêreld van godde-
lose mense gebring het; **6** en
hy die stede Sodom en Go-
mor′ra veroordeel het deur hul-
le tot as te verbrand,[a] waar-
deur hy vir goddelose mense
’n voorbeeld van toekomsti-
ge dinge gegee het;[b] **7** en hy
die regverdige Lot verlos het,[c]
wat baie ontsteld was oor die
wettrotserende mense se oor-
gawe aan losbandige gedrag[d]—
**8** want dié regverdige man het
deur wat hy gesien en gehoor
het terwyl hy onder hulle ge-
woon het, van dag tot dag sy
regverdige siel gepynig weens
hulle wettelose dade— **9** dan
weet Jehovah hoe om men-
se van godvrugtige toegewyd-
heid uit beproewing te verlos,[e]
maar om onregverdige mense
te bewaar vir die dag van die
oordeel om uitgeroei te word,[f]
**10** maar veral dié wat agter
vlees aan gaan met die begeerte
om dit te verontreinig[g] en wat
op heerskappy neersien.[h]
Vermetel en eiesinnig, bewe
hulle nie voor heerlikes nie,
maar praat smadend,[i] **11** ter-
wyl engele, hoewel hulle groter
in sterkte en krag is, nie met
smadende woorde[j] ’n beskuldi-
ging teen hulle inbring nie, uit
respek vir Jehovah.[k] **12** Maar
soos redelose diere wat van na-
ture gebore word om gevang
en vernietig te word, sal hier-
die mense, in die dinge waarvan
hulle onkundig is en smadend
praat,[l] in hulle eie weg van ver-
nietiging ook vernietiging on-
dergaan, **13** deurdat hulle as
loon vir onreg[m] hulleself onreg
aandoen.[n]
Hulle beskou ’n weelderige
lewe in die dag as ’n genot.[o] Hul-
le is vlekke en smette, wat hul-
le met onbeteuelde genot aan
hulle bedrieglike leringe oor-
gee terwyl hulle saam met jul-
le fees hou.[p] **14** Hulle het oë

**HFST. 1**
a Mt 17:1; Lu 9:28
b De 18:15; Da 7:14; Mal 4:5
c Mt 17:3
d Ps 119:105; Joh 1:9; Joh 5:35
e Nu 24:17; Op 2:28; Op 22:16
f Han 3:21
g 2Ti 3:16
h Ese 2:2; Lu 1:70
i 2Sa 23:2; Han 1:16; Han 28:25; 1Pe 1:11

**HFST. 2**
j Mt 24:24; 1Ti 4:1
k 1Ko 6:20
l 2Ko 12:21; Jud 4
m 1Ko 15:33; Ga 5:7
n Jes 52:5
o Tit 1:11
p Jud 4
q 2Pe 3:9
r Ge 6:4
s Lu 8:31; Ef 6:12; 1Pe 3:19
t Jud 6
u Ge 7:23
v Ge 6:9; Heb 11:7
w Ge 8:18
x 2Pe 3:6

**Tweede kol.**
a Ge 19:24
b Jud 7
c Ge 19:16
d Ge 19:7
e Ps 34:19; 1Ko 10:13; 2Ti 4:18; Op 3:10
f Ro 2:5; 2Pe 3:7
g Jes 56:11; Ro 1:26; Jud 7
h Eks 22:28
i Jud 8
j Jud 9
k Sag 3:2
l Spr 19:29; Jud 10
m Flp 3:19
n Ro 1:28
o Ro 13:13
p Jud 12

wat vol egbreuk is[a] en wat nie
kan ophou sondig nie,[b] en hulle
verlok onbestendige siele. Hul-
le het ’n hart wat geoefen is
in hebsug.[c] Hulle is vervloekte
kinders.[d] **15** Omdat hulle die
reguit weg verlaat het, is hulle
mislei. Hulle het die weg gevolg
van Bi′leam,[e] die seun van Beor,
wat die loon van onreg liefge-
had het,[f] **16** maar ’n teregwy-
sing ontvang het vir sy eie sken-
ding van wat reg was.[g] ’n Stom
pakdier, wat met die stem van
’n mens gepraat het,[h] het die
profeet se waansinnige optrede
verhinder.[i]

**17** Hulle is fonteine sonder
water,[j] en miswolke wat deur
’n hewige storm voortgedryf
word, en vir hulle is die donker-
heid van die duisternis bewaar.[k]
**18** Want hulle spreek opgebla-
se woorde wat geen nut het
nie, en deur die begeertes van
die vlees[l] en deur losbandige ge-
woontes verlok[m] hulle dié wat
pas aan mense ontvlug het[n] wat
in dwaling wandel. **19** Terwyl
hulle vryheid aan hulle beloof,[o]
voer hulle self ’n bestaan as
slawe van verderflikheid.[p] Want
elkeen wat deur ’n ander oor-
win word, word deur dié ’n slaaf
gemaak.[q] **20** Waarlik, as hul-
le, nadat hulle deur juiste ken-
nis van die Here en Redder
Jesus Christus aan die veront-
reinigings van die wêreld ont-
vlug het,[r] weer in hierdie selfde
dinge verwikkel raak en oorwin
word,[s] het die laaste toestande
vir hulle erger geword as die
eerste.[t] **21** Want dit sou vir
hulle beter gewees het as hulle
die weg van regverdigheid nie
noukeurig geken het nie,[u] as dat
hulle, nadat hulle dit noukeurig
geken het, hulle afkeer van die
heilige gebod wat aan hulle oor-
gelewer is.[v] **22** Oor hulle het
gekom wat die ware spreek-
woord sê: “Die hond[a] het na sy
eie uitbraaksel teruggekeer, en
die gewaste sog om in die mod-
der te rol.”[b]

**3** Geliefdes, dit is nou die
tweede brief wat ek aan
julle skryf, waarin ek, soos in
my eerste,[c] julle helder denk-
vermoëns deur herinnering op-
wek,[d] **2** sodat julle die woor-
de sal onthou wat vantevore
deur die heilige profete ge-
spreek is[e] en die gebod van die
Here en Redder deur middel
van julle apostels.[f] **3** Want
dít weet julle allereers, dat
daar in die laaste dae[g] spot-
ters[h] sal kom met hulle spot-
terny, wat ooreenkomstig hul-
le eie begeertes handel[i] **4** en
sê:[j] “Waar is sy beloofde teen-
woordigheid dan?[k] Van die dag
af dat ons voorvaders ontslaap
het, bly alles dan net soos van
die begin van die skepping af.”[l]

**5** Want ooreenkomstig hulle
wens ontgaan hierdie feit hul-
le aandag, dat daar van lank-
al af hemele[m] was en ’n aarde
wat kompak bo water uit[n] en te
midde van water[o] gestaan het
deur die woord van God; **6** en
deur dié middele is die wêreld
van daardie tyd vernietig toe
dit met water oorstroom is.[p]
**7** Maar deur dieselfde woord is
die hemele[q] en die aarde[r] wat
nou is, vir die vuur[s] weggelê en
word dit bewaar tot die dag van
die oordeel[t] en van die vernieti-
ging van die goddelose mense.[u]

**8** Laat hierdie een feit egter
nie julle aandag ontgaan nie,
geliefdes, dat een dag by Jeho-
vah soos duisend jaar is en
duisend jaar soos een dag.[v]
**9** Jehovah is nie traag met be-
trekking tot sy belofte,[w] soos
party mense traagheid beskou
nie, maar hy is geduldig met jul-

HFST. 2

a Spr 6:25, Mt 5:28, Mr 7:21
b Ro 1:27
c Ro 1:24
d 1Jo 3:10
e Nu 22:5, Jud 11, Op 2:14
f Nu 22:7, Nu 22:21, De 23:5, Ne 13:2
g Nu 22:34
h Nu 22:28
i Nu 22:31, Nu 31:8
j Jud 12
k Jud 13
l Ro 1:26, Jud 16
m 2Pe 2:14
n Han 2:40
o 1Pe 2:16
p Joh 8:34
q Ro 6:16
r 2Pe 1:4
s Heb 6:4
t Mt 12:45, Lu 11:26, Heb 10:26
u Lu 12:47
v Mt 12:32, Joh 9:41, Heb 6:6

Tweede kol.

a Mt 7:6
b Spr 26:11

HFST. 3

c 1Pe 1:1
d Ro 15:15, 2Pe 1:13
e Han 3:22, Han 3:24
f Jud 17
g 1Ti 4:1
h Spr 24:9
i Jud 18
j Jes 5:19, Jer 17:15, Ese 12:22
k Mt 24:48, Lu 12:45
l Ese 12:27
m Ge 1:1
n Ge 1:9
o Ge 1:6, Job 38:9
p Ge 7:11, Ge 7:23, Jes 54:9, Mt 24:39
q Hag 2:21, Op 12:9
r Ge 18:25, Ps 96:13, Op 12:16
s 2Te 1:8
t Jes 66:16
u De 7:10, Jes 26:21
v Ps 90:4
w Jes 30:18, Hab 2:3

le omdat hy nie wil hê dat enig-
een vernietig moet word nie,
maar wil hê dat almal tot be-
rou moet kom.[a] **10** Tog sal Je-
hovah se dag[b] soos ’n dief kom,[c]
waarop die hemele met ’n sis-
sende gedruis sal verbygaan,[d]
die elemente, wat intens warm
sal wees, tot niet gemaak sal
word,[e] en die aarde[f] en die wer-
ke daarin ontdek sal word.[g]

**11** Aangesien al hierdie din-
ge so tot niet gemaak gaan
word, watter soort mense be-
hoort julle dan te wees in heili-
ge gedrag en dade van godvrug-
tige toegewydheid, **12** terwyl
julle die teenwoordigheid van
die dag van Jehovah[h] verwag[i]
en goed in gedagte hou, waar-
deur die hemele, wat aan die
brand sal wees, tot niet gemaak
sal word[j] en die elemente, wat
intens warm sal wees, sal smelt!
**13** Maar daar is nuwe hemele[k]
en ’n nuwe aarde[l] wat ons vol-
gens sy belofte verwag, en daar-
in sal regverdigheid woon.[m]

**14** Daarom, geliefdes, aange-
sien julle hierdie dinge verwag,
moet julle julle uiterste bes
doen om uiteindelik deur hom
vlekkeloos[a] en smetloos en in
vrede bevind te word.[b] **15** En
beskou die geduld van ons Here
as redding, net soos ons ge-
liefde broer Paulus ooreenkom-
stig die wysheid[c] wat aan hom
gegee is, ook aan julle geskryf
het,[d] **16** deurdat hy oor hier-
die dinge praat, net soos hy ook
in al sy briewe doen. In hulle is
daar egter sommige dinge wat
moeilik is om te verstaan, wat
die ongeleerdes en onbestendi-
ges verdraai, soos hulle ook die
res van die Skrif[e] verdraai, tot
hulle eie vernietiging.

**17** Daarom, geliefdes, aange-
sien julle hierdie voorkennis
het,[f] moet julle op julle hoe-
de wees dat julle nie saam met
hulle deur die dwaling van die
wettrotserende mense weggelei
word en van julle eie standvas-
tigheid wegval nie.[g] **18** Nee,
maar hou aan om te groei in die
onverdiende goedhartigheid en
kennis van ons Here en Redder
Jesus Christus.[h] Aan hom die
heerlikheid, nou sowel as tot
die dag van die ewigheid.[i]

**HFST. 3**
a Jes 30:19; Ro 2:4
b Jl 2:31; Sef 1:14
c 1Te 5:2
d Op 6:14; Op 21:1
e Ef 2:2; Kol 2:8
f Jes 13:13; Mt 24:35
g Ps 37:10; Jes 13:9; Sef 1:18
h Sef 1:14
i Mal 4:2
j Jes 34:4; Mal 4:1
k Jes 65:17; Op 21:1
l Jes 66:22
m Jes 11:5; Mt 6:33; Heb 12:11; Jak 3:18

**Tweede kol.**
a De 18:13; 2Ko 11:2
b 1Ko 15:58; 2Ko 13:11; Flp 1:10; 1Te 3:13
c 1Ko 3:10
d Ro 2:4
e Lu 24:44; 2Ti 3:16
f Mt 24:30; Mr 13:32
g Mt 24:24; Ef 4:14
h Ef 4:15; Flp 3:8
i 2Ti 4:18

DIE EERSTE BRIEF VAN

# JOHANNES

**1** Wat van die begin af was,[a]
wat ons gehoor het,[b] wat
ons met ons oë gesien het,[c]
wat ons aandagtig aanskou[d] en
met ons hande betas het[e] aan-
gaande die woord van die lewe[f]
**2** (ja, die lewe is openbaar ge-
maak,[g] en ons het die ewige
lewe[h] wat by die Vader was en
aan ons openbaar gemaak is, ge-
sien en ons getuig[i] en vertel jul-
le daarvan), **3** wat ons gesien
en gehoor het, vertel ons ook
vir julle,[a] sodat julle ook deel-
genootskap met ons kan hê.[b]
En hierdie deelgenootskap[c] van
ons is met die Vader en met
sy Seun Jesus Christus.[d] **4** En
daarom skryf ons hierdie dinge,
sodat ons vreugde volkome kan
wees.[e]

**5** En dít is die boodskap wat
ons van hom gehoor het en
aan julle bekend maak,[f] dat

**HFST. 1**
a 1Jo 2:7; 1Jo 2:24; 1Jo 3:11
b Joh 15:27
c Han 4:20
d Joh 1:14
e Lu 24:39
f Joh 1:4; Joh 6:68
g Joh 1:14; Ga 4:4
h Joh 17:3
i Joh 21:24; Han 2:32

**Tweede kol.**
a Mt 13:17

b Joh 17:20; c 1Ko 1:9; d Joh 17:21; e Joh 15:11; Joh 16:24; f Joh 3:11.

God lig is[a] en daar hoegenaamd
geen duisternis in eenheid met
hom is nie.[b] **6** As ons die be-
wering maak: “Ons het deelge-
nootskap met hom”, en ons
nogtans voortgaan om in die
duisternis te wandel,[c] lieg ons
en beoefen ons nie die waarheid
nie.[d] **7** Maar as ons in die lig
wandel soos hy in die lig is,[e] dan
het ons deelgenootskap met me-
kaar,[f] en die bloed[g] van Jesus,
sy Seun, reinig[h] ons van alle
sonde.[i]

**8** As ons die bewering maak:
“Ons het geen sonde nie”,[j] mis-
lei ons onsself[k] en is die waar-
heid nie in ons nie. **9** As ons
ons sondes bely,[l] is hy getrou en
regverdig om ons ons sondes te
vergewe en ons van alle onreg-
verdigheid te reinig.[m] **10** As
ons die bewering maak: “Ons
het nie gesondig nie”, maak ons
hom ’n leuenaar en is sy woord
nie in ons nie.[n]

**2** My kindertjies, ek skryf
hierdie dinge aan julle sodat
julle nie ’n sonde begaan nie.[o]
En tog, as iemand ’n sonde be-
gaan, het ons ’n helper[p] by die
Vader, Jesus Christus, ’n reg-
verdige.[q] **2** En hy is ’n soenof-
fer[r] vir ons sondes,[s] en tog nie
net vir ons s’n nie,[t] maar ook
vir dié van die hele wêreld.[u]
**3** En hieraan weet ons dat ons
hom leer ken het, naamlik as
ons sy gebooie bly bewaar.[v]
**4** Hy wat sê: “Ek het hom leer
ken”,[w] en tog nie sy gebooie be-
waar nie,[x] is ’n leuenaar, en die
waarheid is nie in hom nie.[y]
**5** Maar elkeen wat sy woord be-
waar,[z] waarlik, in hom is die
liefde vir God tot volmaaktheid
gebring.[a] Hieraan weet ons dat
ons in eenheid met hom is.[b]
**6** Hy wat sê dat hy in eenheid
met hom bly,[c] staan onder ver-
pligting om self ook te bly wan-
del net soos hy gewandel het.[d]

**7** Geliefdes, ek skryf nie aan
julle ’n nuwe gebod nie, maar ’n
ou gebod[a] wat julle van die be-
gin af gehad het.[b] Hierdie ou ge-
bod is die woord wat julle ge-
hoor het. **8** Dan weer skryf ek
aan julle ’n nuwe gebod, ’n feit
wat in sy geval en in julle s’n
waar is, want die duisternis[c]
gaan verby en die ware lig[d] skyn
reeds.

**9** Hy wat sê dat hy in die
lig is en tog sy broer haat,[e] is
tot nou toe in die duisternis.[f]
**10** Hy wat sy broer liefhet, bly
in die lig,[g] en daar is geen rede
tot struikeling in sy geval nie.[h]
**11** Maar hy wat sy broer haat,
is in die duisternis en wandel in
die duisternis,[i] en hy weet nie
waarheen hy gaan nie,[j] want die
duisternis het sy oë verblind.

**12** Ek skryf aan julle, kin-
dertjies, omdat julle sondes ter
wille van sy naam vergewe is.[k]
**13** Ek skryf aan julle, vaders,
omdat julle hom leer ken het
wat van die begin af is.[l] Ek
skryf aan julle, jong manne,[m]
omdat julle die bose oorwin
het.[n] Ek skryf aan julle, jong
kinders,[o] omdat julle die Vader
leer ken het.[p] **14** Ek skryf aan
julle, vaders,[q] omdat julle hom
leer ken het wat van die begin
af is.[r] Ek skryf aan julle, jong
manne, omdat julle sterk is[s] en
die woord van God in julle bly[t]
en julle die bose oorwin het.[u]

**15** Moenie die wêreld of die
dinge in die wêreld liefhê nie.[v]
As iemand die wêreld liefhet, is
die liefde vir die Vader nie in
hom nie;[w] **16** want alles wat
in die wêreld is[x]—die begeer-
te van die vlees[y] en die begeer-

**HFST. 1**

a Jes 2:5; Jak 1:17
b Ef 5:8
c 2Ko 6:14
d Tit 1:16; 1Jo 2:4
e Joh 1:9
f 2Ko 8:4
g Ro 3:25; Ef 1:7; Heb 9:14
h Heb 10:22
i Le 16:30; Op 1:5
j Spr 20:9
k 1Kn 8:46; Pr 7:20
l Le 5:5; Ps 32:5; Spr 28:13; Jak 5:16
m 2Ko 7:1; Tit 2:14
n Ro 3:4; 1Jo 5:10

**HFST. 2**

o Ga 6:1; 1Jo 3:6
p Ro 8:34; Heb 7:25
q 1Ti 2:5
r Ro 3:25; 1Ko 5:7; 2Ko 5:21; 1Ti 2:6; Heb 2:17; 1Jo 4:10
s Le 16:6; Jes 53:5; Kol 1:14; 1Ti 1:15; 1Pe 2:24
t Jak 1:18; Op 14:4
u Le 16:15; Mt 20:28; Joh 1:29; Joh 10:16; Op 7:14
v Joh 14:21; Joh 15:10
w Ho 8:2
x Ho 8:1
y Tit 1:16
z Joh 14:23
a 1Jo 4:18
b Joh 14:20; Joh 17:21
c Joh 15:4
d Joh 13:15; 1Pe 2:21

**Tweede kol.**

a Le 19:18; De 6:5; Joh 13:34
b 1Jo 1:1; 2Jo 5
c Ro 13:12; 1Te 5:5
d Joh 1:9; Joh 8:12; Kol 2:17
e Ef 4:31; Kol 3:8; Tit 3:3; 1Jo 3:15
f Jes 59:9; 1Ko 13:2

**g** Ef 5:8; **h** Joh 11:9; 2Pe 1:10; **i** Joh 11:10; 2Pe 1:9; 1Jo 4:20; **j** Joh 12:35; **k** Lu 24:47; Han 4:12; Han 10:43; **l** Joh 1:1; **m** Tit 2:6; **n** Jak 4:7; 1Jo 5:19; Op 12:11; **o** Ga 4:19; **p** Joh 17:25; **q** 1Ti 5:17; **r** 1Jo 1:1; **s** Ef 6:10; **t** Heb 8:10; 2Jo 2; 3Jo 3; **u** Ro 8:37; **v** Ro 12:2; 1Ko 7:31; Ef 5:15; **w** Mt 6:24; Jak 4:4; **x** Tit 2:12; **y** Mt 5:28; Ro 13:14; 1Pe 1:14.

te van die oë[a] en die spoggerige vertoon van ’n mens se lewensmiddele[b]—het nie hulle oorsprong by die Vader nie, maar het hulle oorsprong by die wêreld.[c] **17** Wat meer is, die wêreld gaan verby en so ook sy begeerte,[d] maar hy wat die wil[e] van God doen, bly vir ewig.[f]

**18** Jong kinders, dit is die laaste uur,[g] en net soos julle gehoor het dat die antichris kom,[h] het daar nou reeds baie antichriste opgestaan;[i] waaruit ons te wete kom dat dit die laaste uur is. **19** Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons soort nie;[j] want as hulle van ons soort was, sou hulle by ons gebly het.[k] Maar hulle het uitgegaan sodat dit aan die lig kon kom dat nie almal van ons soort is nie.[l] **20** En julle het ’n salwing van die heilige;[m] julle het almal kennis.[n] **21** Ek skryf aan julle, nie omdat julle die waarheid nie ken nie,[o] maar omdat julle dit ken,[p] en omdat geen leuen sy oorsprong by die waarheid het nie.[q]

**22** Wie is die leuenaar anders as die een wat ontken dat Jesus die Christus is?[r] Dít is die antichris,[s] die een wat die Vader en die Seun loën.[t] **23** Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.[u] Hy wat die Seun bely,[v] het ook die Vader.[w] **24** Wat julle betref, laat wat julle van die begin af gehoor het, in julle bly.[x] As wat julle van die begin af gehoor het, in julle bly, sal julle ook in eenheid[y] met die Seun en in eenheid met die Vader bly.[z] **25** En dít is die belofte wat hy self aan ons beloof het: die ewige lewe.[a]

**26** Hierdie dinge skryf ek aan julle oor dié wat probeer om julle te mislei.[b] **27** En wat julle betref, die salwing[c] wat julle van hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie;[a] maar, soos die salwing wat van hom kom, julle van alles leer,[b] en waaragtig is[c] en geen leuen is nie, en net soos dit julle geleer het, moet julle in eenheid[d] met hom bly. **28** Daarom, kindertjies,[e] bly nou in eenheid[f] met hom, sodat ons vrymoedigheid van spraak kan hê[g] wanneer hy openbaar gemaak word[h] en nie by sy teenwoordigheid[i] beskaamd van hom hoef weg te gaan nie. **29** As julle weet dat hy regverdig is,[j] kom julle te wete dat elkeen wat regverdigheid beoefen, uit hom gebore is.[k]

**3** Kyk watter liefde[l] het die Vader ons gegee, sodat ons kinders van God genoem sou word;[m] en dit is ons ook. Daarom ken die wêreld[n] ons nie, want dit het hom nie leer ken nie.[o] **2** Geliefdes, nou is ons kinders van God,[p] maar dit is nog nie openbaar gemaak wat ons sal wees nie.[q] Ons weet wel dat ons soos hy sal wees[r] wanneer hy openbaar gemaak word,[s] want ons sal hom sien net soos hy is.[t] **3** En elkeen wat hierdie hoop op hom het, reinig[u] homself net soos hy rein is.[v]

**4** Elkeen wat sonde beoefen,[w] beoefen ook wetteloosheid,[x] en daarom is sonde[y] wetteloosheid. **5** Julle weet ook dat hy openbaar gemaak is om ons sondes weg te neem,[z] en daar is geen sonde[a] in hom nie. **6** Elkeen wat in eenheid met hom bly,[b] beoefen nie sonde nie;[c] niemand wat sonde beoefen, het hom gesien of hom

**HFST. 2**

a Ge 3:6; Spr 27:20; Mt 4:8
b Pr 5:11; Jak 4:16
c 1Ko 7:33; Ef 2:2
d 1Ko 7:31; 1Pe 1:24
e Mt 7:21; 1Pe 4:2
f Ps 37:29; Joh 6:40
g Mt 24:33
h Mt 24:24; 2Te 2:3; 2Pe 2:1
i Mt 13:27; 2Te 2:7; 2Jo 7; Jud 4
j Han 20:30
k Joh 6:37
l 1Ko 11:19
m 2Ko 1:21; 1Jo 2:27
n Heb 10:26
o Joh 8:32
p 2Pe 1:12
q Joh 8:44
r 1Jo 4:3; 2Jo 7
s 1Jo 2:18
t Lu 12:9
u Joh 5:23; 2Jo 9
v Ro 10:10
w Joh 14:7; 1Jo 4:15
x Joh 14:23; 2Jo 6
y Joh 15:4
z 1Jo 3:24
a Joh 17:3; 1Jo 1:2
b Mr 13:22; 3Jo 10; Op 2:20
c 2Ko 1:21; 1Jo 2:20

**Tweede kol.**

a Jer 31:34; Heb 8:11
b Joh 14:26; Joh 16:13
c Joh 17:17; Ro 3:4
d Joh 17:21
e 1Jo 3:2
f Joh 6:56
g 1Jo 4:17
h Kol 3:4; 1Ti 6:14
i Mt 24:3; 1Te 3:13
j 1Jo 3:7
k 1Pe 1:23; 1Jo 4:7

**HFST. 3**

l Joh 3:16
m Joh 1:12; Ro 8:15
n Joh 15:19
o Joh 16:3; Joh 17:25

**p** Ro 8:16; Ef 1:5; **q** 1Ko 15:49; Flp 3:21; **r** 2Pe 1:4; **s** Joh 14:3; Heb 12:23; **t** Mt 5:8; Joh 4:24; **u** 2Ko 7:1; **v** 1Pe 1:16; **w** Ro 3:20; 1Ti 5:20; **x** Mt 7:23; Ro 4:15; **y** 1Jo 5:17; **z** Le 16:22; Jes 53:11; Joh 1:29; **a** Joh 8:46; 2Ko 5:21; **b** Joh 15:4; **c** Ro 6:12; 1Pe 4:1.

leer ken nie.[a] **7** Kindertjies,
laat niemand julle mislei nie;
hy wat regverdigheid beoefen,
is regverdig, net soos hy reg-
verdig is.[b] **8** Hy wat sonde be-
oefen, het sy oorsprong by die
Duiwel, want die Duiwel sondig
al van die begin af.[c] Met dié doel
is die Seun van God openbaar
gemaak,[d] naamlik om die wer-
ke van die Duiwel te verbreek.[e]
**9** Elkeen wat uit God gebore
is, beoefen nie sonde nie,[f] want
Sy voortplantingsaad bly in
so iemand, en hy kan nie son-
de beoefen nie, want hy is uit
God gebore.[g] **10** Die kinders
van God en die kinders van
die Duiwel word aan hierdie
feit geken: elkeen wat nie reg-
verdigheid beoefen nie,[h] het nie
sy oorsprong by God nie, ook
nie hy wat sy broer nie liefhet
nie.[i] **11** Want dít is die bood-
skap wat julle van die begin af
gehoor het,[j] dat ons liefde vir
mekaar moet hê;[k] **12** nie soos
Kain, wat sy oorsprong by die
bose gehad het en sy broer
doodgemaak het[l] nie. En waar-
om het hy hom doodgemaak?
Omdat sy eie werke goddeloos
was,[m] maar dié van sy broer
regverdig.[n]
**13** Broers, moenie julle daar-
oor verwonder dat die wêreld
julle haat nie.[o] **14** Ons weet
dat ons uit die dood na die
lewe oorgegaan het,[p] want ons
het die broers lief.[q] Hy wat nie
liefhet nie, bly in die dood.[r]
**15** Elkeen wat sy broer haat,[s]
is ’n moordenaar,[t] en julle weet
dat geen moordenaar[u] die ewi-
ge lewe as iets blywends in hom
het nie.[v] **16** Hieraan het ons
die liefde leer ken,[w] omdat hy
vir ons van sy siel afstand ge-
doen het;[x] en ons staan onder
verpligting om vir ons broers
van ons siele afstand te doen.[y]
**17** Maar wie hierdie wêreld se
middele vir lewensonderhoud
het[a] en sy broer sien gebrek[b]
ly en tog die deur van sy tere
medelye vir hom sluit,[c] in wat-
ter opsig bly die liefde vir God
in hom?[d] **18** Kindertjies, laat
ons liefhê,[e] nie met woorde of
met die tong nie,[f] maar met
dade[g] en in waarheid.[h]
**19** Hieraan sal ons weet dat
ons ons oorsprong by die waar-
heid het,[i] en ons sal ons hart
voor hom gerusstel **20** met
betrekking tot alles waarin
ons hart ons veroordeel,[j] want
God is groter as ons hart en
weet alles.[k] **21** Geliefdes, as
ons hart ons nie veroordeel
nie, het ons vrymoedigheid van
spraak teenoor God;[l] **22** en
wat ons ook al vra, ontvang
ons van hom,[m] omdat ons sy
gebooie bewaar en die dinge
doen wat in sy oë welbehaag-
lik is.[n] **23** Ja, dít is sy gebod,
dat ons geloof in die naam van
sy Seun Jesus Christus[o] moet
hê en mekaar moet liefhê,[p] net
soos hy ons ’n gebod gegee het.
**24** Wat meer is, wie sy gebooie
bewaar, bly in eenheid met
hom, en hy in eenheid met so
iemand;[q] en hieraan kom ons te
wete dat hy in eenheid met ons
bly,[r] danksy die gees[s] wat hy
ons gegee het.

**4** Geliefdes, moenie elke ge-
inspireerde uiting glo nie,[t]
maar stel die geïnspireerde ui-
tinge op die proef om te sien
of hulle hulle oorsprong by God
het,[u] want talle valse profete
het in die wêreld uitgegaan.[v]
**2** Hieraan ken julle die geïn-
spireerde uiting wat van God
kom:[w] elke geïnspireerde uiting
wat bely dat Jesus Christus in

**HFST. 3**
a Ps 15:1; 3Jo 11
b De 32:4; Ps 119:137; Ps 145:17
c Ge 3:14; Joh 8:44
d Heb 2:14
e Joh 16:33; Kol 2:15; Heb 2:14
f 1Jo 5:18
g 1Pe 1:23
h 1Jo 2:29
i 1Jo 4:8
j 1Jo 1:1; 1Jo 2:7; 2Jo 5
k Joh 13:34
l Ge 4:8
m Ge 4:5; Jud 11
n Ge 4:4; Heb 11:4
o Mt 5:11; Joh 15:18; 2Ti 3:12
p Joh 5:24; Ro 8:2
q 1Jo 2:10
r Joh 3:36
s Le 19:17
t Mt 5:21; Ef 4:31
u Ge 9:6
v Nu 35:31; Op 21:8; Op 22:15
w Joh 13:1
x Joh 3:16; Joh 15:13; Ro 8:32
y Joh 13:15; Ro 16:4; 1Te 2:8

**Tweede kol.**
a Lu 3:11
b De 26:12; Ro 12:13
c Le 25:35; De 15:7; Jak 2:16
d Jes 58:7; 1Jo 4:20
e 1Ko 13:4
f Ro 12:9
g Jak 1:22; Jak 2:17
h Mt 7:22; 1Pe 1:22
i Joh 18:37
j 2Sa 24:10; Mt 26:75; Lu 18:13
k Lu 12:30; Heb 4:13
l Heb 4:16; 1Jo 5:14
m Ps 10:17; Ps 34:15; Mt 7:8; 1Pe 3:12
n Joh 9:31; Heb 13:21
o Joh 6:29
p Joh 13:34
q Joh 15:4; 1Jo 2:24
r Joh 14:23

s Ro 8:2; Ro 8:9; **HFST. 4** t De 18:21; 2Te 2:2; 1Ti 4:1; u Op 22:6; v Mt 24:24; Op 16:14; w 2Ti 3:16; Op 22:6.

die vlees gekom het, het sy oor-
sprong by God,[a] **3** maar elke
geïnspireerde uiting wat Jesus
nie bely nie, het nie sy oor-
sprong by God nie.[b] Wat meer
is, dít is die antichris se ge-
inspireerde uiting wat julle ge-
hoor het sou kom,[c] en dit is nou
reeds in die wêreld.[d]

**4** Julle het julle oorsprong by
God, kindertjies, en julle het
daardie persone oorwin,[e] want
hy wat in eenheid met julle is,[f]
is groter[g] as hy wat in eenheid
met die wêreld is.[h] **5** Hulle
het hulle oorsprong by die wê-
reld;[i] daarom spreek hulle wat
voortkom uit die wêreld en
luister die wêreld na hulle.[j]
**6** Ons het ons oorsprong by
God.[k] Hy wat die kennis van
God opdoen, luister na ons;[l] hy
wat nie sy oorsprong by God
het nie, luister nie na ons nie.[m]
Dit is hoe ons kennis neem van
die geïnspireerde uiting van die
waarheid en die geïnspireerde
uiting van die dwaling.[n]

**7** Geliefdes, laat ons aanhou
om mekaar lief te hê,[o] want die
liefde[p] kom van God, en elk-
een wat liefhet, is uit God gebo-
re[q] en doen die kennis van God
op.[r] **8** Hy wat nie liefhet nie,
het God nie leer ken nie, want
God is liefde.[s] **9** Hierdeur is
die liefde van God in ons geval
openbaar gemaak,[t] want God
het sy enigverwekte Seun[u] in
die wêreld uitgestuur sodat ons
deur hom die lewe kan verkry.[v]
**10** Hierin lê die liefde: nie dat
ons God liefgehad het nie, maar
dat hy ons liefgehad en sy Seun
uitgestuur het as 'n soenoffer[w]
vir ons sondes.[x]

**11** Geliefdes, as dit is hoe
God ons liefgehad het, dan
staan ons ook onder verpligting
om mekaar lief te hê.[y] **12** Nie-
mand het God nog ooit aanskou
nie.[a] As ons aanhou om me-
kaar lief te hê, bly God in ons
en word sy liefde in ons tot vol-
maaktheid gebring.[b] **13** Hier-
aan kom ons te wete dat ons in
eenheid met hom[c] en hy in een-
heid met ons bly,[d] omdat hy ons
sy gees gegee het.[e] **14** Daar-
benewens het ons self aanskou[f]
en getuig[g] ons dat die Vader
sy Seun as Redder van die wê-
reld uitgestuur het.[h] **15** Elk-
een wat die belydenis aflê dat
Jesus Christus die Seun van
God is,[i] met so iemand bly God
in eenheid en hy in eenheid met
God.[j] **16** En ons het self die
liefde[k] wat God in ons geval het,
leer ken en geglo.

God is liefde,[l] en hy wat in die
liefde bly,[m] bly in eenheid met
God, en God bly in eenheid[n]
met hom. **17** Dít is hoe die
liefde by ons tot volmaaktheid
gebring is, dat ons op die oor-
deelsdag[o] vrymoedigheid van
spraak[p] kan hê, want net soos
hy is, so is ons ook in hier-
die wêreld.[q] **18** Daar is geen
vrees in die liefde nie,[r] maar
volmaakte liefde werp vrees
uit,[s] want vrees veroorsaak 'n
stremming. Ja, hy wat in vrees
verkeer, is nie tot volmaakt-
heid gebring in die liefde nie.[t]
**19** Wat ons betref, ons het lief
omdat hy ons eerste liefgehad
het.[u]

**20** As iemand die bewering
maak: "Ek het God lief", en tog
sy broer haat, is hy 'n leue-
naar.[v] Want hy wat sy broer,
wat hy gesien het, nie liefhet
nie,[w] kan God nie liefhê, wat
hy nie gesien het nie.[x] **21** En
hierdie gebod het ons van
hom,[y] dat die een wat God lief-
het, ook sy broer moet liefhê.[z]

**HFST. 4**

a Joh 1:14; 1Ko 12:3; Op 19:10
b 2Pe 2:1; 1Jo 2:22
c 2Te 2:7; 1Jo 2:18
d Han 20:30
e 1Jo 5:4
f Joh 17:21
g 2Kr 20:6
h Ef 2:2; Ef 6:12
i 1Jo 5:19
j Joh 15:19
k 1Jo 3:10
l Joh 10:27
m Joh 8:47; Joh 14:17
n 1Jo 4:1
o 1Pe 1:22
p 1Ko 13:13
q 1Jo 3:6; 1Jo 3:9; 1Jo 4:16
r Joh 17:3
s Eks 34:6; Mi 7:18; 1Jo 4:19
t Ro 5:8
u Joh 1:14
v Joh 3:16; Ro 5:21; Ro 8:32; 1Jo 5:11
w Ro 3:25; 1Ko 5:7; 2Ko 5:21; 1Jo 2:2
x Heb 2:17; Heb 9:26
y Mt 18:33; Joh 15:12; Ro 13:8; 1Jo 3:16

**Tweede kol.**

a Eks 33:20; Joh 1:18; Joh 4:24; Joh 5:37; Joh 6:46
b 1Jo 2:5
c Joh 6:56; Joh 15:4
d Joh 14:21
e 1Jo 3:24
f 1Jo 1:1
g 1Jo 1:2
h Mt 1:21; Joh 3:17; Joh 4:42; Joh 12:47; Han 5:31
i Ro 10:9; 1Jo 2:23
j 1Jo 2:24
k Joh 3:16
l 1Jo 4:8
m Mt 22:37
n Joh 17:21
o Han 17:31; 2Pe 3:7
p Heb 4:16; 1Jo 2:28
q Joh 17:16
r Ro 8:15
s 2Ti 1:7
t 1Jo 2:5
u 1Jo 4:10

v 1Jo 2:4; w 1Jo 3:17; x 1Jo 3:2; 1Jo 4:12; y Mt 22:37; z Mt 22:39; Joh 13:34; Joh 15:12.

**5** Elkeen wat glo dat Jesus die
Christus is, is uit God gebo-
re,[a] en elkeen wat die een lief-
het wat die geboorte teweegge-
bring het, het die een lief wat
uit hom gebore is.[b] **2** Hieraan
kom ons te wete dat ons die
kinders van God[c] liefhet,[d] wan-
neer ons God liefhet en sy ge-
booie nakom.[e] **3** Want dít is
wat die liefde[f] vir God beteken,
dat ons sy gebooie bewaar;[g] en
tog is sy gebooie nie swaar nie,[h]
**4** want alles wat uit God gebore
is,[i] oorwin die wêreld.[j] En dít is
die oorwinning[k] wat die wêreld
oorwin het:[l] ons geloof.[m]

**5** Wie anders is die een wat
die wêreld[n] oorwin[o] as hy wat
glo[p] dat Jesus die Seun van God
is?[q] **6** Dit is hy wat deur mid-
del van water en bloed gekom
het, Jesus Christus; nie met
die water[r] alleen nie, maar met
die water en met die bloed.[s]
En dit is die gees[t] wat getuig,
want die gees is die waarheid.
**7** Want daar is drie wat getuig,
**8** die gees[u] en die water[v] en die
bloed,[w] en die drie is eenstem-
mig.[x]

**9** As ons die getuienis aan-
neem wat mense gee,[y] is die
getuienis wat God gee groter,
want dít is die getuienis wat
God gee, die feit dat hy aan-
gaande sy Seun getuig het.[z]
**10** Wie sy geloof in die Seun
van God stel, het in sy eie geval
die getuienis[a] wat gegee is. Wie
nie geloof in God het nie, het
hom 'n leuenaar gemaak,[b] om-
dat hy nie sy geloof gestel het in
die getuienis wat gegee is nie,[c]
wat God as getuie[d] aangaande
sy Seun gegee het. **11** En dít
is die getuienis wat gegee is,
dat God ons die ewige lewe ge-
gee het,[e] en hierdie lewe is in
sy Seun.[f] **12** Hy wat die Seun
het, het hierdie lewe; hy wat nie
die Seun van God het nie, het
nie hierdie lewe nie.[a]

**13** Ek skryf hierdie dinge
aan julle sodat julle kan weet
dat julle die ewige lewe het,[b] jul-
le wat julle geloof in die naam
van die Seun van God stel.[c]
**14** En dít is die vertroue wat
ons teenoor hom het,[d] dat hy
ons hoor, ongeag wat ons vol-
gens sy wil vra.[e] **15** En as ons
weet dat hy ons hoor met be-
trekking tot wat ons ook al vra,[f]
weet ons dat ons die dinge gaan
kry wat ons gevra het, aange-
sien ons dit van hom gevra het.[g]

**16** As iemand sy broer 'n son-
de sien begaan wat nie die dood
meebring nie,[h] sal hy vra, en hy
sal aan hom die lewe gee,[i] ja,
aan hulle wat nie so sondig dat
dit die dood meebring nie.[j] Daar
is 'n sonde wat wel die dood
meebring. Aangaande daardie
sonde sê ek nie vir hom om 'n
versoek te doen nie.[k] **17** Alle
onregverdigheid is sonde;[l] en
tog is daar 'n sonde wat nie die
dood meebring nie.

**18** Ons weet dat elkeen wat
uit God gebore is,[m] nie son-
de beoefen nie, maar die Een[n]
wat uit God gebore is, waak oor
hom, en die bose kry hom nie in
sy greep nie.[o] **19** Ons weet dat
ons ons oorsprong by God het,[p]
maar die hele wêreld lê in die
mag van die bose.[q] **20** Maar
ons weet dat die Seun van God
gekom het,[r] en hy het ons die
intellektuele[s] vermoë gegee dat
ons die kennis van die waar-
agtige kan opdoen.[t] En ons is
in eenheid[u] met die waaragtige,
deur middel van sy Seun Jesus
Christus. Dit is die ware[v] God
en die ewige lewe.[w] **21** Kin-
dertjies, bewaar julle van af-
gode.[x]

**HFST. 5**
a 1Pe 1:3
b Joh 1:12
Joh 3:3
1Pe 1:23
1Jo 3:9
c Joh 1:12
Ro 8:14
d 1Pe 1:22
e Op 14:12
f Joh 14:23
2Jo 6
g De 5:29
De 12:28
h De 30:11
Mi 6:8
i 1Jo 5:18
j Joh 16:33
k Op 15:2
l Op 12:11
m 2Ti 4:7
n 1Jo 4:4
o 1Ko 15:57
p Ef 6:16
1Jo 3:23
q Joh 20:31
r Mt 3:13
s Han 20:28
Ef 1:7
Heb 9:22
1Pe 1:19
t Mt 3:16
Joh 1:33
u Lu 3:22
Lu 4:18
Joh 1:32
Han 10:38
v Lu 3:21
w Heb 9:14
x Mt 18:16
2Ko 13:1
1Ti 3:16
y Mr 15:39
Joh 1:29
Joh 1:32
z Mr 1:11
Lu 9:35
Joh 12:28
a Ro 8:16
b Joh 3:33
c 1Ko 15:15
d Joh 5:37
e Joh 17:3
f Joh 5:26

**Tweede kol.**
a Joh 3:36
b 1Jo 1:2
c Joh 20:31
1Jo 3:23
d Heb 4:16
1Jo 3:21
e Spr 15:29
Joh 9:31
f Joh 14:13
g Lu 11:13
h Jes 6:7
Jer 31:34
Jak 5:15
1Jo 1:9
i Jak 5:20
j Mt 12:31
Mr 3:29
Lu 12:10
Heb 6:6
Heb 10:26
k 2Jo 11
l 1Jo 3:4
m 1Jo 5:1
n Kol 1:15
Op 3:14
o Joh 17:15

**p** Joh 8:47; **q** Mt 13:19; Lu 4:6; Joh 12:31; Heb 2:14; **r** 1Ti 3:16; **s** Kol 1:9; 2Ti 2:7; **t** 1Ko 2:12; **u** Joh 17:21; **v** 1Te 1:9; **w** Joh 17:3; **x** 1Ko 10:14.

DIE TWEEDE BRIEF VAN
# JOHANNES

**1** Die ouer man[a] aan die uit-
verkore dame[b] en aan haar kin-
ders, wat ek waarlik liefhet,[c] en
nie ek alleen nie, maar ook al-
mal wat die waarheid leer ken
het,[d] **2** weens die waarheid
wat in ons bly,[e] en dit sal vir
ewig by ons wees.[f] **3** Onver-
diende goedhartigheid,[g] barm-
hartigheid en vrede wat kom
van God die Vader[h] en van Jesus
Christus, die Seun van die Va-
der, sal met ons wees, met waar-
heid en liefde.[i]

**4** Ek is baie bly omdat ek
sommige van jou kinders[j] ge-
vind het wat in die waarheid
wandel,[k] net soos ons 'n ge-
bod van die Vader ontvang het.[l]
**5** Daarom versoek ek jou nou,
dame, as iemand wat nie 'n
nuwe gebod[m] aan jou skryf nie,
maar een wat ons van die be-
gin af gehad het,[n] dat ons me-
kaar moet liefhê.[o] **6** En dít is
wat die liefde beteken,[p] dat ons
voortgaan om volgens sy ge-
booie te wandel.[q] Dít is die ge-
bod, net soos julle van die be-
gin af gehoor het, dat julle moet
voortgaan om daarin te wan-
del.[r] **7** Want baie bedrieërs
het in die wêreld uitgegaan,[s]
mense wat nie bely dat Jesus
Christus in die vlees gekom het
nie.[a] Dit is die bedrieër[b] en die
antichris.[c]

**8** Gee ag op julleself, dat jul-
le nie die dinge verloor wat deur
ons werk tot stand gebring is
nie, maar dat julle 'n volle be-
loning kan verkry.[d] **9** Elkeen
wat vooruitdring[e] en nie in die
leer van die Christus bly nie,[f]
het God nie.[g] Hy wat in hierdie
leer bly, is die een wat sowel die
Vader as die Seun het.[h] **10** As
iemand na julle toe kom en
nie hierdie leer bring nie, moet
julle hom nooit in julle huise
ontvang[i] of hom groet nie.[j]
**11** Want wie hom groet, het
deel aan sy goddelose werke.[k]

**12** Hoewel ek baie het om
aan julle te skryf, wil ek dit
nie met papier en ink doen nie,[l]
maar ek hoop om na julle toe te
kom en van aangesig tot aange-
sig met julle te praat,[m] dat julle
vreugde[n] volkome kan wees.[o]

**13** Die kinders van jou sus-
ter, die uitverkorene, stuur vir
jou groete.[p]

a 1Pe 5:1; 3Jo 1
b 1Pe 5:13
c 1Pe 1:22; 1Pe 2:17
d Joh 8:32; 1Jo 3:18
e Joh 8:31
f Joh 17:17
g Heb 4:16
h 1Ti 1:2; 2Ti 1:2
i Ef 4:15
j 1Jo 2:13
k 2Ko 4:2; 3Jo 3
l Ef 6:1
m 1Jo 2:7
n 1Jo 1:1
o Joh 13:34; Joh 15:12; 1Pe 4:8
p 1Ko 13:4
q Joh 14:15; 1Jo 2:5; 1Jo 5:3
r Joh 14:21
s Mt 24:24; Han 20:29; 2Pe 2:1; 1Jo 2:18; Op 2:2

**Tweede kol.**

a 1Jo 4:2
b Mt 7:15; Mt 7:23; Mt 24:24; 2Te 2:7
c Lu 11:23; 1Jo 2:22; 1Jo 4:3; Jud 4
d Joh 4:36; Heb 10:35
e 1Jo 2:22
f Joh 15:6; 1Jo 2:27
g Joh 14:6; 3Jo 9
h Heb 3:14; 1Jo 2:23

**i** De 17:5; Ro 16:17; 1Ko 5:11; 2Te 3:6; 2Te 3:14; **j** 1Kn 13:16; Han 19:9; **k** 1Ti 5:22; Op 18:4; **l** 3Jo 13; **m** 3Jo 14; **n** Joh 17:13; **o** 1Jo 1:4; **p** 1Pe 5:13.

DIE DERDE BRIEF VAN
# JOHANNES

**1** Die ouer man[a] aan Gajus,
die geliefde, wat ek waarlik lief-
het.[b]

**2** Geliefde,[c] ek bid dat jy in
alles voorspoedig is[d] en goeie
gesondheid geniet,[e] net soos jou
siel voorspoedig is.[a] **3** Want
ek was baie bly toe broers ge-
kom het en getuig het van die
waarheid waarby jy hou, net

a 1Pe 5:1; 2Jo 1
b 1Pe 1:22; 1Pe 2:17
c 1Ti 6:2; Flm 1
d 1Ko 16:2
e Han 15:29

**Tweede kol.** a 1Ko 14:20.

soos jy voortgaan om in die
waarheid te wandel.[a] **4** Ek
het geen groter rede tot dank-
baarheid as hierdie dinge nie,
dat ek hoor dat my kinders
voortgaan om in die waarheid
te wandel.[b]
**5** Geliefde, jy doen ’n getroue
werk in wat jy ook al vir die
broers doen,[c] en dit boonop
vir vreemdelinge,[d] **6** wat voor
die gemeente van jou liefde ge-
tuig het. Help hulle asseblief
weg op ’n wyse wat God waar-
dig is.[e] **7** Want dit was ter
wille van sy naam dat hulle
uitgegaan het, sonder om enig-
iets[f] van die mense van die na-
sies aan te neem. **8** Ons staan
dus onder verpligting om sulke
mense gasvry te ontvang,[g] so-
dat ons medewerkers in die
waarheid kan word.[h]
**9** Ek het iets aan die gemeen-
te geskryf, maar Dio′trefes, wat
daarvan hou om die eerste plek
onder hulle te beklee,[i] ontvang
niks[j] van ons met respek nie.[k]
**10** Daarom sal ek, as ek kom,
sy werke in herinnering bring
wat hy bly doen[l] deur met god-
delose woorde oor ons te klets.[a]
En met hierdie dinge nie tevre-
de nie, ontvang hy self ook nie
die broers[b] met respek nie, en
dié wat hulle wil ontvang,[c] pro-
beer hy verhinder[d] en uit die ge-
meente werp.[e]
**11** Geliefde, wees ’n navol-
ger, nie van wat sleg is
nie, maar van wat goed is.[f] Hy
wat die goeie doen, het sy oor-
sprong by God.[g] Hy wat die sleg-
te doen, het God nie gesien nie.[h]
**12** Van Deme′trius het hulle al-
mal, en die waarheid self, ge-
tuig.[i] Trouens, ons getuig ook,[j]
en jy weet dat die getuienis wat
ons gee, waar is.[k]
**13** Ek het baie dinge gehad
om aan jou te skryf, en tog wil
ek nie verder met ink en pen
aan jou skryf nie.[l] **14** Maar ek
hoop om jou binnekort te sien,
en ons sal van aangesig tot aan-
gesig praat.[m]
Mag jy vrede hê.[n]
Die vriende stuur vir jou
groete.[o] Dra my groete oor[p] aan
die vriende by name.

a 2Jo 4
b 1Ko 4:15; 2Ti 1:2; Tit 1:4; Flm 10
c Mt 25:38
d Heb 13:2
e Han 20:38; Tit 3:13
f 1Ko 9:12; 1Ko 9:15
g Mt 10:41; Mt 25:35; Han 17:7; Flm 22; 1Pe 4:9
h Ro 12:13
i Mt 20:27; Han 20:30; Flp 2:3
j Kol 4:16
k Ro 12:10; Heb 13:7; Heb 13:17
l 1Ko 4:19; 2Ko 13:2

Tweede kol.
a Ps 101:5; Spr 6:19
b Ef 6:21; Flp 2:19; Kol 4:7
c 2Ko 7:15
d 2Ti 4:15
e Mt 24:49
f Ro 12:9; Ro 13:3; 1Pe 3:11
g 1Jo 3:6; 1Jo 3:9
h 1Jo 3:10
i 1Ti 3:7
j Joh 19:35
k Joh 21:24
l 2Jo 12
m Ga 4:20
n 1Pe 5:14
o Flp 4:22; p Tit 3:15.

DIE BRIEF VAN

# JUDAS

**1** Judas, ’n slaaf van Jesus
Christus, maar ’n broer van Ja-
kobus,[a] aan die geroepenes[b] wat
in gemeenskap met God die Va-
der[c] bemin word en vir Jesus
Christus bewaar[d] word:
**2** Mag barmhartigheid[e] en
vrede[f] en liefde[g] vir julle ver-
meerder word.[h]
**3** Geliefdes,[i] hoewel ek alles
in my vermoë gedoen het om
oor ons gemeenskaplike red-
ding[j] aan julle te skryf, het ek
dit nodig gevind om aan julle te
skryf om julle te vermaan om
hard te stry vir die geloof[a] wat
eens en vir altyd aan die heili-
ges oorgelewer is.[b] **4** My rede
hiervoor is dat sekere mense in-
geglip het[c] wat lank gelede deur
die Skrif tot hierdie oordeel[d] be-
stem is,[e] goddelose mense,[f] wat
die onverdiende goedhartigheid
van ons God in ’n verskoning

a Mt 13:55; Mr 6:3; Ga 2:9; Jak 1:1
b Heb 3:1
c Mt 11:27; 1Jo 3:24
d Joh 6:39; Joh 17:15; 2Ti 1:12; 2Ti 4:18; 1Pe 1:5
e Ps 103:13; Ro 9:16; Tit 3:5
f Ps 29:11; Flp 4:7; Kol 1:20
g Ro 5:8
h 1Pe 1:2
i Ro 1:7
j Eks 19:6; Joh 4:22; Tit 1:4; Heb 2:3; 1Pe 2:9; 2Pe 1:1; **Tweede kol.** a 2Ko 11:4; Ga 1:6; Ef 6:11; 1Ti 1:18; 1Ti 6:12; b Ef 3:5; c Mt 13:25; Mt 13:38; Ga 2:4; 1Jo 2:19; d 2Pe 3:7; e 1Pe 2:8; f 2Ti 2:16; Tit 1:16.

vir losbandige gedrag[a] veran-
der en ons enigste Eienaar[b] en
Here,[c] Jesus Christus, verloën.[d]
5 Hoewel julle alles eens en
vir altyd weet,[e] wil ek julle
daaraan herinner dat Jehovah,
al het hy 'n volk uit Egipte-
land gered,[f] agterna dié omge-
bring het wat nie geloof ge-
toon het nie.[g] 6 En die engele
wat nie hulle oorspronklike po-
sisie behou het nie, maar hul-
le eie gepaste woonplek verlaat
het,[h] het hy met ewige boeie[i]
onder dik duisternis vir die oor-
deel van die groot dag bewaar.[j]
7 So ook word Sodom en Go-
mor'ra en die stede om hulle,[k]
nadat hulle op dieselfde wyse
as die voorgenoemdes uiterma-
te hoerery gepleeg en vir on-
natuurlike gebruik agter vlees
aan geloop het,[l] vir ons as 'n
waarskuwende voorbeeld voor-
gehou[m] deurdat hulle die reg-
terlike straf van die ewige vuur
ondergaan.[n]
8 Op dieselfde wyse veront-
reinig ook hierdie mense, wat
hulle aan drome oorgee,[o] niete-
min die vlees en verontagsaam
hulle heerskappy[p] en praat hul-
le smadend van heerlikes.[q]
9 Maar toe Mi'gael,[r] die aarts-
engel,[s] met die Duiwel 'n ge-
skil gehad[t] en oor Moses se lig-
gaam getwis het,[u] het hy nie
met smadende woorde[v] 'n oor-
deel oor hom durf uitspreek nie,
maar gesê: "Mag Jehovah jou
bestraf."[w] 10 Tog praat hier-
die mense smadend van alles
wat hulle in werklikheid nie ken
nie;[x] maar alles wat hulle, soos
die redelose diere,[y] wel van na-
ture verstaan, in hierdie dinge
hou hulle aan om hulleself te
verderf.[z]
11 Wee hulle, want hulle het
die weg van Kain bewandel[a]
en vir beloning halsoorkop die
dwaalweg van Bi'leam inge-
slaan[a] en in die opstandige ge-
praat[b] van Korag vergaan![c]
12 Hulle is die rotse wat on-
der die water verborge is in jul-
le liefdesmaaltye[d] terwyl hulle
saam met julle fees hou, her-
ders wat hulleself sonder vrees
voed;[e] waterlose wolke wat
deur winde[f] heen en weer ge-
dryf word;[g] bome in die naherfs,
maar vrugloos, twee keer ge-
storwe, ontworteld;[h] 13 woes-
te golwe van die see wat hulle
eie oorsake van skande laat op-
skuim;[i] sterre met geen vaste
baan nie, waarvoor die donker-
heid van die duisternis vir ewig
weggelê is.[j]
14 Ja, die sewende in die lyn
van Adam, Henog,[k] het ook oor
hulle geprofeteer toe hy ge-
sê het: "Kyk! Jehovah het met
sy heilige tienduisende gekom,[l]
15 om aan almal oordeel te vol-
trek[m] en om al die goddeloses
skuldig te bevind aan al hulle
goddelose dade wat hulle op 'n
goddelose wyse gedoen het en
aan al die skokkende dinge wat
goddelose sondaars teen hom
gespreek het."[n]
16 Hierdie mense is murmu-
reerders,[o] klaers oor hulle le-
wenslot, wat volgens hulle eie
begeertes handel,[p] en hulle
mond spreek opgeblase dinge,[q]
terwyl hulle ter wille van hulle
eie voordeel persoonlikhede be-
wonder.[r]
17 Maar julle, geliefdes, moet
die woorde onthou wat vante-
vore deur die apostels van ons
Here Jesus Christus gespreek
is,[s] 18 hoe hulle altyd vir julle
gesê het: "In die laaste tyd sal
daar spotters wees wat volgens
hulle eie begeertes na goddelose

a Spr 21:27; 2Ko 12:21; Ga 5:19; 2Pe 2:14
b 1Ko 6:20; 1Ko 7:23; 2Pe 2:1
c Ef 4:5
d Han 20:30; 2Te 2:3; 2Pe 2:1
e Ro 15:4; 2Pe 3:1
f Eks 12:41; De 17:16
g Nu 14:35; 1Ko 10:5; Heb 3:19
h Ge 6:4; 1Pe 3:20; 2Pe 2:4; Op 12:7
i Lu 8:31
j 1Ko 6:3; 2Pe 2:4; Op 20:1
k Ge 14:2; De 29:23
l Ge 19:5; Le 18:22; Ro 1:26
m 1Ko 10:11
n Ge 19:24; Mt 10:15; 2Pe 2:6
o De 13:3; 2Pe 2:1
p De 17:12; 2Pe 2:10
q Eks 22:28; Joh 17:22; 1Ti 6:4; 1Pe 4:14; 3Jo 10
r Eks 23:20; Eks 32:34; Eks 33:2; Da 10:21; Da 12:1
s 1Te 4:16
t Da 10:13
u De 34:6
v 2Pe 2:11
w Sag 3:2
x 1Ko 2:14; Jud 19
y 2Pe 2:12
z Ro 1:24; Ga 6:8; Ef 4:22
a Ge 4:5; Ge 4:8; 1Jo 3:12

**Tweede kol.**

a Nu 22:32; De 23:5; 2Pe 2:15; Op 2:14
b 2Te 2:3; 1Ti 1:20; 2Ti 2:16
c Nu 16:3; Nu 16:32
d 2Ti 3:6; 2Pe 2:13
e Ese 34:8
f Ef 4:14
g 2Pe 2:17
h Mt 15:13
i Jes 57:20
j Heb 6:4; Op 21:8

**k** Ge 5:22; **l** De 33:2; Da 7:10; Sag 14:5; Heb 12:22; **m** Ps 149:7; Ese 25:17; 2Te 1:6; **n** Mal 3:13; Mt 12:36; **o** Nu 14:27; 1Ko 10:10; Flp 2:14; **p** Jak 4:3; 2Pe 2:18; **q** Ps 75:5; Ps 140:11; Tit 1:10; **r** Le 19:15; Spr 28:21; Jak 2:9; **s** 2Pe 3:2.

dinge handel.”[a] **19** Dit is hul-
le wat skeidings veroorsaak,[b]
dierlike mense[c] wat nie geeste-
likheid het nie.[d] **20** Maar jul-
le, geliefdes, moet julle op julle
allerheiligste geloof[e] opbou[f] en
met heilige gees bid[g] **21** en
julle sodoende in God se lief-
de hou,[h] terwyl julle wag op die
barmhartigheid[i] van ons Here
Jesus Christus met die ewige
lewe in die vooruitsig.[j] **22** En
hou aan om barmhartigheid te
bewys[k] aan party wat twyfel;[l]
**23** red hulle[m] deur hulle uit die
vuur te ruk.[n] Maar hou aan om
barmhartigheid aan ander te
bewys, en dít met vrees, terwyl
julle ook die onderkleed haat
wat deur die vlees bevlek is.[a]
**24** En aan hom wat julle van
struikeling kan bewaar[b] en jul-
le met groot vreugde smet-
loos[c] voor sy heerlikheid kan
stel, **25** aan die enigste God,
ons Redder[d] deur Jesus Chris-
tus,[e] ons Here, die heerlikheid,[f]
majesteit, mag[g] en gesag[h] in
die ganse vergange ewigheid[i]
en nou en tot in alle ewigheid.[j]
Amen.[k]

**a** Han 20:30; 1Ti 4:1; 2Ti 3:1; 2Pe 2:1; 2Pe 3:3; **b** Lu 11:23; Ro 16:17; 1Ko 1:10; Jak 3:16; 3Jo 10; Op 2:15; **c** Ho 4:14; **d** 1Ko 2:14; Heb 12:16; **e** Ga 5:22; Kol 2:7; 1Te 5:11; **f** Han 20:32; 1Ko 3:10; **g** Lu 11:13; Ro 8:26; Ef 6:18; **h** Joh 15:10; Ro 8:39; 1Jo 5:3; **i** 2Ti 1:18; Tit 3:5; **j** Tit 3:7; 1Jo 1:2; 1Jo 2:25

**k** Mt 5:7; Mt 9:13; Jak 2:13; **l** Jak 1:6; **m** Ro 11:14; Ga 6:1; Jak 5:19; **n** Am 4:11; Sag 3:2; Mt 18:8; **Tweede kol.** **a** Spr 8:13; Ga 5:19; Op 3:4; **b** Ps 145:20; **c** Ro 8:33; Ef 1:4; Ef 5:27; Flp 1:10; Kol 1:22; **d** Lu 1:47; **e** Mt 20:28; Joh 3:16; Ro 5:8; 1Jo 4:9; **f** Ps 29:1; **g** Op 11:17; **h** Da 4:35; **i** Ps 90:2; **j** Hab 1:12; **k** Ro 16:27.

# ’N OPENBARING

## AAN JOHANNES

**1** ’n Openbaring[a] deur Jesus
Christus, wat God hom ge-
gee het,[b] om vir sy slawe[c] die
dinge te toon wat binnekort
moet plaasvind.[d] En hy het sy
engel uitgestuur[e] en dit deur
hom in tekens[f] aan sy slaaf Jo-
hannes[g] oorgedra, **2** wat ge-
tuig het van die woord wat God
gegee het[h] en van die getuienis
wat Jesus Christus gegee het,[i]
ja, van alles wat hy gesien het.
**3** Gelukkig[j] is hy wat die woor-
de van hierdie profesie hardop
lees[k] en dié wat dit hoor[l] en wat
die dinge onderhou wat daarin
geskrywe staan;[m] want die vas-
gestelde tyd is naby.[n]

**4** Johannes aan die sewe ge-
meentes[o] wat in die landstreek
Asië is:

Mag julle onverdiende goed-
hartigheid en vrede hê van “Die
Een wat is en wat was en wat
kom”,[p] en van die sewe geeste[q]
wat voor sy troon is, **5** en van
Jesus Christus, “die Getroue
Getuie”,[a] “Die eersgeborene uit
die dode”[b] en “Die Heerser van
die konings van die aarde”.[c]

Aan hom wat ons liefhet[d] en
wat ons deur middel van sy
eie bloed van ons sondes losge-
maak het[e]— **6** en hy het ons
’n koninkryk gemaak,[f] pries-
ters[g] vir sy God en Vader—ja,
aan hom die heerlikheid en die
mag tot in ewigheid.[h] Amen.

**7** Kyk! Hy kom met die wol-
ke,[i] en elke oog sal hom sien,[j]
ook diegene wat hom deurboor
het;[k] en al die stamme van die
aarde sal hulleself in droefheid
slaan weens hom.[l] Ja, Amen.

**8** “Ek is die Alfa en die Ome′-
ga”,[m] sê Jehovah God, “die Een
wat is en wat was en wat kom,[n]
die Almagtige.”[o]

**HFST. 1**

**a** 1Ko 14:6; Ga 1:12; **b** Da 2:28; Joh 12:49; **c** Am 3:7; Op 7:3; Op 22:6; **d** Op 1:19; **e** Op 22:16; **f** Han 2:22; **g** Mt 10:2; Mr 1:19; Joh 21:20; **h** Op 1:9; **i** Op 22:20; **j** Joh 13:17; **k** Ps 1:2; 1Ti 4:13; **l** Op 22:18; **m** Lu 11:28; Jak 1:22; **n** Da 8:19; Op 22:10; **o** Op 1:11; **p** Eks 3:14; Op 1:8; Op 4:8; Op 11:17; **q** Op 4:5

**Tweede kol.**

**a** Ps 89:37; Op 3:14; **b** Kol 1:18; **c** Ps 89:27; 1Ti 6:15; Op 19:16; **d** Joh 15:9

**e** Heb 9:14; 1Pe 1:19; 1Jo 1:7; **f** Eks 19:6; Lu 22:29; **g** 1Pe 2:5; Op 5:10; Op 20:6; **h** 1Ti 6:16; **i** Da 7:13; Mt 26:64; Mr 13:26; Han 1:11; 1Te 4:17; Op 14:14; **j** Ef 1:18; **k** Mt 27:49; **l** Mt 24:30; **m** Jes 48:12; Op 21:6; Op 22:13; **n** Op 1:4; **o** Ge 17:1; Eks 6:3.

**9** Ek, Johannes, julle broer
en ’n deelgenoot met julle in die
verdrukking[a] en die konink-
ryk[b] en volharding[c] in gemeen-
skap met Jesus,[d] het my op die
eiland bevind wat Patmos ge-
noem word, omdat ek oor God
gepraat en van Jesus getuig
het.[e] **10** Deur inspirasie[f] het
ek my in die dag van die Here[g]
bevind,[h] en ek het ’n sterk stem
agter my gehoor,[i] soos dié van
’n trompet, **11** wat gesê het:
“Skryf wat jy sien[j] in ’n boek-
rol en stuur dit aan die sewe ge-
meentes:[k] in E′fese[l] en in Smir-
na[m] en in Per′gamum[n] en in
Tiati′ra[o] en in Sardis[p] en in Fi-
ladel′fia[q] en in Laodise′a.”[r]

**12** En ek het omgedraai om
die stem te sien wat met my ge-
praat het, en toe ek omgedraai
het, het ek sewe goue lamp-
staanders[s] gesien, **13** en tus-
sen die lampstaanders iemand
soos ’n seun van die mens,[t] ge-
klee in ’n kleed wat tot op
die voete hang, en om die bors
omgord met ’n goue gordel.
**14** Verder was sy kop en sy ha-
re wit[u] soos wit wol, soos sneeu,
en sy oë soos ’n vuurvlam;[v]
**15** en sy voete was soos fyn
koper[w] wanneer dit in ’n oond
gloei; en sy stem[x] was soos die
geluid van baie waters. **16** En
in sy regterhand het hy sewe
sterre[y] gehad, en uit sy mond
het ’n skerp, lang tweesnyden-
de swaard[z] gekom, en sy aange-
sig was soos die son wanneer hy
in sy krag skyn.[a] **17** En toe
ek hom sien, het ek asof dood
voor sy voete neergeval.

En hy het sy regterhand op
my gelê en gesê: “Moenie be-
vrees wees nie.[b] Ek is die Eer-
ste[c] en die Laaste,[d] **18** en die
lewende;[e] en ek het doodge-
gaan,[f] maar kyk! ek lewe vir
ewig en altyd,[g] en ek het die
sleutels van die dood[a] en van
Ha′des.[b] **19** Skryf dan die din-
ge op wat jy gesien het, en die
dinge wat is en die dinge wat
hierna sal plaasvind.[c] **20** Wat
die heilige geheim betref van
die sewe sterre[d] wat jy op my
regterhand gesien het, en van
die sewe goue lampstaanders:[e]
Die sewe sterre beteken die en-
gele van die sewe gemeentes,
en die sewe lampstaanders be-
teken sewe gemeentes.[f]

**2** “Skryf aan die engel[g] van
die gemeente in E′fese:[h]
Hierdie dinge sê hy wat die
sewe sterre in sy regterhand
hou,[i] hy wat tussen die sewe
goue lampstaanders wandel:[j]
**2** ‘Ek ken jou dade,[k] en jou ar-
beid en volharding, en weet dat
jy slegte mense nie kan ver-
dra nie, en dat jy dié op die
proef gestel het[l] wat sê dat hul-
le apostels is,[m] maar dit nie is
nie, en hulle leuenaars bevind
het. **3** Jy lê ook volharding
aan die dag,[n] en jy het ter wil-
le van my naam uitgehou[o] en
nie moeg geword nie.[p] **4** Nie-
temin het ek dít teen jou, dat jy
die liefde wat jy eers gehad het,
verlaat het.[q]

**5** “‘Onthou dan waarvan jy
geval het, en toon berou[r] en
doen die dade van vroeër. So
nie, kom ek na jou toe,[s] en ek sal
jou lampstaander[t] van sy plek
verwyder, tensy jy berou toon.
**6** Maar dít het jy, dat jy die
dade van die sekte van Niko-
la′us[u] haat,[v] wat ek ook haat.
**7** Laat die een wat ’n oor het,
hoor wat die gees[w] vir die ge-
meentes sê: Aan hom wat oor-
win,[x] sal ek gee om van die

**HFST. 1**

a Mt 24:9 Heb 10:33 Op 2:10
b Lu 12:32
c Mt 10:22 2Ti 2:12
d Ro 8:17
e Han 1:8
f 1Kr 28:12 Mt 22:43
g 1Ko 1:8 1Ko 5:5
h Ese 40:2 2Ko 12:2
i Op 1:15
j Hab 2:2
k Op 1:4
l Ef 1:1 Op 2:1
m Op 2:8
n Op 2:12
o Han 16:14 Op 2:18
p Op 3:1
q Op 3:7
r Kol 4:16 Op 3:14
s 2Kr 4:7 Op 1:20
t Da 7:13 Op 14:14
u Spr 20:29 Da 7:9
v Op 19:12
w Op 2:18
x Op 1:10
y Op 1:20
z Jes 49:2
a Mt 17:2
b Mt 17:7
c Han 26:23 Kol 1:18 Op 1:5
d Joh 5:21 Joh 6:40 Op 2:8
e Lu 24:5 1Ko 15:45
f Ro 5:6 1Pe 3:18
g Ro 6:9 1Ti 6:16 Heb 7:24

**Tweede kol.**

a Job 38:17 Ps 9:13
b Jes 38:10 Mt 16:18 Joh 6:54 Joh 11:25
c Op 4:1 Op 22:6
d Op 1:16
e Op 1:12
f Mt 5:16 Flp 2:15

**HFST. 2**

g Op 1:20
h Han 19:1 Ef 1:1
i Op 1:16
j Op 1:13
k Joh 2:25 Op 2:19 Op 3:1
l 1Jo 4:1

**m** Han 20:30; 2Ko 11:13; **n** Lu 21:19; Heb 12:1; **o** 1Pe 4:14; **p** Ga 6:9; **q** Mt 24:12; **r** Han 26:20; Op 3:19; **s** Op 2:16; **t** Op 1:20; **u** 1Ko 11:19; Op 2:15; **v** Ps 139:21; **w** Mt 11:15; Op 2:17; Op 2:29; **x** 1Jo 5:4.

boom van die lewe te eet,[a] wat
in die paradys van God is.’
8 “En skryf aan die engel[b]
van die gemeente in Smirna:
Hierdie dinge sê hy, ‘die Eer-
ste en die Laaste’,[c] wat dood-
gegaan en weer lewend geword
het:[d] 9 ‘Ek ken jou verdruk-
king en armoede—maar jy is
ryk[e]—en die lastering deur dié
wat sê dat hulle Jode is,[f] en dit
tog nie is nie, maar ’n sinagoge
van Satan[g] is. 10 Moenie bang
wees vir die dinge wat jy wel-
dra gaan ly nie.[h] Kyk! Die Dui-
wel[i] sal aanhou om party van
julle in die gevangenis te gooi
sodat julle ten volle op die proef
gestel kan word[j] en sodat julle
tien dae lank verdrukking[k] kan
hê. Wees selfs tot in die dood
getrou,[l] en ek sal jou die kroon
van die lewe gee.[m] 11 Laat
die een wat ’n oor het, hoor[n]
wat die gees[o] vir die gemeentes
sê: Hy wat oorwin,[p] sal hoege-
naamd nie deur die tweede dood
geskaad word nie.’[q]
12 “En skryf aan die engel
van die gemeente in Per′ga-
mum: Hierdie dinge sê hy wat
die skerp, lang tweesnyden-
de swaard het:[r] 13 ‘Ek weet
waar jy woon, dit wil sê waar
die troon van Satan is; en tog
hou jy vas aan my naam,[s] en jy
het jou geloof in my nie verloën
nie,[t] selfs in die dae van An′-
tipas, my getuie,[u] die getroue,
wat aan julle sy, waar Satan
woon, doodgemaak is.[v]
14 “ ‘Nietemin het ek ’n paar
dinge teen jou, dat jy daar die-
gene het wat vashou aan die
leer van Bi′leam,[w] wat vir Ba-
lak[x] geleer het om ’n struikel-
blok voor die kinders van Is-
rael te lê, om afgodsoffers te
eet en om hoerery te pleeg.[y]
15 So het jy ook dié wat op die-
selfde wyse vashou aan die leer
van die sekte van Nikola′us.[z]
16 Toon dan berou.[a] So nie, kom
ek gou na jou toe, en ek sal met
die lang swaard van my mond[b]
teen hulle oorlog voer.[c]
17 “ ‘Laat die een wat ’n oor
het, hoor wat die gees vir die ge-
meentes sê:[d] Aan hom wat oor-
win,[e] sal ek van die verborge
manna gee,[f] en ek sal hom ’n
wit klippie gee, en op die klippie
staan ’n nuwe naam[g] geskrywe
wat niemand ken nie, behalwe
die een wat dit ontvang.’[h]
18 “En skryf aan die engel
van die gemeente in Tiati′ra:[i]
Hierdie dinge sê die Seun van
God,[j] hy wat oë het soos ’n vuur-
vlam,[k] en sy voete is soos fyn
koper:[l] 19 ‘Ek ken jou dade en
jou liefde[m] en geloof en bedie-
ning en volharding en weet dat
jou dade[n] in die laaste tyd meer
is as dié van vroeër.[o]
20 “ ‘Nietemin het ek dít
teen jou, dat jy daardie vrou
Ise′bel[p] duld, wat haarself ’n
profetes noem, en sy leer[q] en
mislei my slawe[r] om hoerery
te pleeg[s] en om afgodsoffers
te eet.[t] 21 En ek het haar
tyd gegee om berou te toon,[u]
maar sy wil nie berou toon oor
haar hoerery nie.[v] 22 Kyk!
Ek staan op die punt om haar
op ’n siekbed te werp, en dié
wat met haar egbreuk pleeg,
in groot verdrukking, tensy
hulle berou toon oor haar dade.
23 En haar kinders sal ek met
dodelike plae doodmaak, sodat
al die gemeentes sal weet dat
dit ek is wat die niere en har-
te deursoek, en ek sal aan elk-
een van julle gee volgens julle
dade.[w]
24 “ ‘Ek sê egter vir die res
van julle wat in Tiati′ra is, al-
mal wat nie hierdie leer het nie,
juis dié wat nie die “diep dinge

HFST. 2
a Ro 2:7; Op 2:10
b Op 2:1
c Op 1:17
d Ro 14:9
e 2Ko 6:10; 1Ti 6:18; Jak 2:5
f Han 13:45
g 2Ko 11:14; Op 3:9
h Mt 10:28
i 1Pe 5:8
j 2Ko 8:2; Heb 2:18
k Ro 8:35; Heb 10:33
l 2Ti 4:7
m Ro 2:7; Jak 1:12; Op 20:4
n Op 13:9
o 1Jo 4:2
p 1Jo 5:5
q Op 20:6; Op 20:14; Op 21:8
r Op 1:16; Op 19:15
s Mr 13:9; Op 2:3
t Lu 12:8; Joh 14:1; 1Jo 2:23
u Han 1:8
v Mt 24:9
w Nu 22:6; Nu 31:16; 2Pe 2:15; Jud 11
x Nu 22:4
y Nu 25:2; Han 15:29; 1Ko 5:9; 1Ko 10:8; Ef 5:5
z 2Pe 2:1; Op 2:6

Tweede kol.
a Han 3:19
b Op 1:16
c Jes 11:4
d Op 2:7
e 1Jo 5:5; Op 3:12
f Eks 16:15; Eks 16:31; Ps 78:24; Joh 6:51; Heb 9:4
g Spr 22:1; Op 3:12
h Op 19:12
i Han 16:14
j Joh 20:31
k Op 1:14; Op 19:12
l Op 1:15
m Heb 6:10
n Jak 2:20
o Flp 3:16
p 1Kn 16:31; 2Kn 9:22
q 1Ti 2:12
r Ef 6:6
s Han 15:29; 1Ko 5:11; Ga 5:19; Ef 5:5

t Op 2:14; u Ro 2:4; v Ro 2:5; Op 21:8; w Mt 16:27; Op 22:12.

van Satan”,[a] soos hulle sê, leer
ken het nie: Ek lê geen ander
las op julle nie.[b] **25** Hou niete-
min vas aan wat julle het[c] tot-
dat ek kom. **26** En aan hom
wat oorwin en my dade tot die
einde toe onderhou,[d] sal ek ge-
sag oor die nasies gee,[e] **27** en
hy sal met ’n ysterstaf as her-
der teenoor die mense optree,[f]
sodat hulle soos kleivoorwerpe
verbrysel sal word,[g] net soos
ek van my Vader ontvang het,
**28** en ek sal hom die môrester
gee.[h] **29** Laat die een wat ’n
oor het, hoor wat die gees[i] vir
die gemeentes sê.’[j]

**3** “En skryf aan die engel[k]
van die gemeente in Sar-
dis: Hierdie dinge sê hy wat die
sewe geeste[l] van God en die
sewe sterre het:[m] ‘Ek ken jou
dade, dat jy die naam het dat
jy lewend is, maar jy is dood.[n]
**2** Word waaksaam,[o] en ver-
sterk[p] die oorblywende dinge
wat op die punt was om te sterf,
want ek het nie gevind dat jou
dade ten volle voor my God ver-
rig is nie.[q] **3** Onthou dan hoe
jy ontvang[r] en hoe jy gehoor
het, en hou aan om dit te be-
waar,[s] en toon berou.[t] Waarlik,
tensy jy wakker word,[u] sal ek
soos ’n dief kom,[v] en jy sal glad
nie weet in watter uur ek op jou
sal afkom nie.[w]

**4** “‘Jy het nietemin ’n paar
name[x] in Sardis wat nie hul-
le boklere verontreinig het nie,[y]
en hulle sal in wittes saam
met my wandel,[z] omdat hulle
dit waardig is.[a] **5** Hy wat oor-
win,[b] sal so geklee word in wit
boklere;[c] en ek sal sy naam hoe-
genaamd nie uit die boek van
die lewe uitwis nie,[d] maar ek
sal sy naam voor my Vader[e] en
voor sy engele erken.[f] **6** Laat
die een wat ’n oor het, hoor wat
die gees[g] vir die gemeentes sê.’

**7** “En skryf aan die engel[a]
van die gemeente in Filadel′fia:
Hierdie dinge sê hy wat heilig
is,[b] wat waaragtig is,[c] wat die
sleutel van Dawid het,[d] wat oop-
maak sodat niemand sal sluit
nie, en sluit sodat niemand oop-
maak nie: **8** ‘Ek ken jou dade[e]
—kyk! ek het ’n geopende deur
voor jou gestel,[f] wat niemand
kan sluit nie—dat jy ’n bietjie
krag het, en jy het my woord
bewaar en my naam nie ver-
loën nie.[g] **9** Kyk! Ek sal dié
gee wat uit die sinagoge van Sa-
tan is, wat sê dat hulle Jode is,[h]
en dit tog nie is nie maar lieg[i]
—kyk! ek sal hulle laat kom en
voor jou voete hulde laat be-
wys[j] en hulle laat weet dat ek
jou liefgehad het. **10** Omdat
jy die woord oor my volharding
bewaar het,[k] sal ek jou ook be-
waar[l] van die uur van beproe-
wing, wat oor die hele bewoon-
de aarde gaan kom om dié wat
op die aarde woon, op die proef
te stel.[m] **11** Ek kom gou.[n] Hou
vas wat jy het,[o] sodat niemand
jou kroon wegneem nie.[p]

**12** “‘Die een wat oorwin—ek
sal hom ’n pilaar[q] in die tem-
pel[r] van my God maak,[s] en hy
sal daar hoegenaamd nie meer
uitgaan nie, en ek sal op hom
die naam van my God skryf
en die naam van die stad van
my God, die nuwe Jerusalem,[t]
wat van my God af uit die
hemel neerdaal, en my nuwe
naam.[u] **13** Laat die een wat ’n
oor het, hoor wat die gees[v] vir
die gemeentes sê.’

**14** “En skryf aan die engel
van die gemeente in Laodise′a:[w]
Hierdie dinge sê die Amen,[x]
die getroue[y] en waaragtige[z]

**HFST. 2**

a Ps 64:6
Joh 8:44
Han 13:10
1Ko 4:5
b Han 15:28
c Op 3:11
d Mt 28:20
e Ps 2:8
Mt 19:28
Lu 22:29
Op 3:21
Op 20:4
f Op 12:5
Op 19:15
g Ps 2:9
Da 2:44
Mi 4:13
h Nu 24:17
Op 22:16
i 1Jo 4:2
j Op 2:7

**HFST. 3**

k Op 2:1
l Op 1:4
Op 4:5
m Op 1:16
n Jak 2:26
o Lu 21:34
Ef 5:15
1Te 5:6
p Lu 22:32
Han 18:23
q 2Ko 6:1
r Mt 10:8
s Lu 21:36
Flp 2:16
t Mt 3:8
2Ko 7:11
u Ef 5:14
v Op 16:15
w Mt 24:42
Lu 12:39
x Spr 10:7
Spr 22:1
Pr 7:1
y Jak 1:27
z Op 3:18
Op 6:11
a Ef 4:1
b 1Jo 5:4
c Op 4:4
Op 19:8
d Flp 4:3
Op 21:27
e Mt 10:32
Mr 8:38
f Lu 12:8
g 1Jo 4:2

**Tweede kol.**

a Op 2:1
b Joh 6:69
Han 3:14
Heb 7:26
c Op 3:14
Op 19:11
d Jes 22:22
Lu 1:32
e Op 2:2
f 1Ko 16:9
2Ko 2:12
g Mt 25:21
h Ro 2:28
Op 2:9
i Joh 8:44
j Jes 60:14

k Lu 8:15; Lu 21:19; 2Ti 2:12; Heb 10:36; Heb 12:3; l 2Te 3:3; 2Pe 2:9; m Mt 24:21; n Op 2:16; o Op 2:10; p Jak 1:12; q 2Kr 3:17; r 1Ko 3:16; Ef 2:21; 1Pe 2:5; s Mt 27:46; Joh 20:17; t Heb 12:22; Op 21:2; u Op 14:1; Op 19:12; Op 22:4; v 1Jo 4:2; w Kol 4:16; x 2Ko 1:20; y Heb 3:6; Op 1:5; z Joh 1:14; Op 19:11.

getuie,[a] die begin van die skep-
ping deur God:[b] **15** ‘Ek ken
jou dade, dat jy nie koud of
warm is nie. Ek wens jy was
koud of anders warm. **16** Om-
dat jy dan nou lou is en
nie warm[c] of koud nie,[d] gaan
ek jou uit my mond uitbraak.
**17** Omdat jy sê: “Ek is ryk[e] en
het rykdom verwerf en het hoe-
genaamd niks nodig nie”, maar
jy nie weet dat jy ellendig en be-
jammerenswaardig en arm en
blind[f] en naak is nie, **18** raai
ek jou aan om by my goud te
koop[g] wat deur vuur gelou-
ter is, sodat jy ryk kan word,
en wit boklere, sodat jy geklee
kan word en die skande van jou
naaktheid nie openbaar word
nie,[h] en oogsalf om in jou oë te
smeer,[i] sodat jy kan sien.

**19** “‘Almal vir wie ek ge-
neentheid het, wys ek tereg en
dissiplineer ek.[j] Wees dus ywe-
rig en toon berou.[k] **20** Kyk!
Ek staan by die deur[l] en klop.
As iemand my stem hoor en
die deur oopmaak,[m] sal ek in
sy huis inkom en die aandmaal
saam met hom eet, en hy saam
met my. **21** Aan die een wat
oorwin,[n] sal ek gee om saam
met my op my troon te sit,[o] net
soos ek oorwin het en saam met
my Vader op sy troon[p] gaan sit
het.[q] **22** Laat die een wat ’n
oor het, hoor wat die gees[r] vir
die gemeentes sê.’ ”[s]

**4** Ná hierdie dinge het ek ge-
sien, en kyk! ’n geopende
deur in die hemel, en die eer-
ste stem wat ek gehoor het,
was soos van ’n trompet[t] en het
met my gepraat en gesê: “Kom
op hierheen,[u] en ek sal jou
die dinge toon wat moet plaas-
vind.”[v] **2** Ná hierdie dinge het
ek onmiddellik onder die krag
van die gees gekom: en kyk!
daar het ’n troon[w] in die he-
mel[x] gestaan, en iemand sit op
die troon.[a] **3** En hy wat daar-
op sit, is in sy voorkoms[b] soos
’n jaspissteen[c] en ’n kosbare
rooikleurige steen, en rondom
die troon is daar ’n reënboog[d]
wat in sy voorkoms soos ’n sma-
rag is.[e]

**4** En rondom die troon is
daar vier-en-twintig trone, en
op hierdie trone[f] het ek vier-en-
twintig[g] ouderlinge[h] sien sit, ge-
klee in wit boklere[i] en met
goue krone[j] op hulle koppe.
**5** En uit die troon gaan daar
weerligstrale[k] en stemme en
donderslae[l] uit; en daar is sewe
vuurlampe[m] wat voor die troon
brand, en hulle beteken die
sewe geeste[n] van God. **6** En
voor die troon is daar as ’t ware
’n glasagtige see[o] soos kristal.

En in die middel van die
troon en rondom die troon is
daar vier lewende wesens[p] wat
van voor en van agter vol oë is.
**7** En die eerste lewende wese is
soos ’n leeu,[q] en die tweede le-
wende wese is soos ’n jong bul,[r]
en die derde lewende wese[s] het
’n gesig soos dié van ’n mens, en
die vierde lewende wese[t] is soos
’n vlieënde arend.[u] **8** En wat
die vier lewende wesens betref,[v]
elkeen van hulle het onderskei-
delik ses vlerke;[w] rondom en
aan die onderkant is hulle vol
oë.[x] En hulle het dag en nag
geen rus nie terwyl hulle sê:
“Heilig, heilig, heilig is Jehovah[y]
God, die Almagtige,[z] wat was en
wat is[a] en wat kom.”

**9** En elke keer as die lewen-
de wesens heerlikheid en eer
en dank gee[b] aan die Een wat
op die troon sit,[c] die Een wat
vir ewig en altyd lewe,[d] **10** val
die vier-en-twintig ouderlinge[e]
neer voor die Een wat op die

**HFST. 3**
a Joh 18:37; 1Ti 6:13
b Spr 8:22; Kol 1:15
c Ps 69:9; 2Ko 9:2
d Spr 25:13; Spr 25:25
e Ho 12:8; 1Ko 4:8
f 2Pe 1:9
g Job 23:10; 1Pe 1:7
h Op 16:15
i Ps 19:8
j Spr 3:12
k Op 2:5; Op 3:3
l Jak 5:9
m Lu 12:36
n 1Jo 5:4; Op 2:26; Op 12:11
o Mt 19:28; Lu 22:30
p Jes 66:1
q Heb 10:12
r Op 2:7
s Op 1:11

**HFST. 4**
t Eks 19:16; Op 1:10
u Ge 28:12; Op 11:12
v Da 2:28; Op 1:1
w 1Kn 22:19; Jes 6:1
x Ps 11:4; Han 7:55

**Tweede kol.**
a Ese 1:26; Da 7:9
b 1Jo 1:5
c Op 21:11
d Ge 9:13
e Eks 28:17
f Op 3:21; Op 20:4
g 1Kr 24:1; 1Kr 24:18; Lu 1:5
h Op 1:6; Op 4:10
i Op 6:11; Op 19:8
j 1Pe 5:4
k Job 38:35; Ese 1:13
l Eks 19:16; Eks 20:18
m Eks 25:31; Eks 40:24
n Op 1:4; Op 5:6
o Eks 30:18; 1Kn 7:23
p Ese 1:5; Op 4:9
q 2Sa 17:10; Spr 28:1; Jes 31:4
r 1Kn 7:25; Op 6:3
s Op 6:5
t Op 6:7

u Job 39:29; Ese 1:10; v Op 5:8; w Jes 6:2; x Spr 15:3; Ese 1:18; Ese 10:12; Heb 4:13; y Jes 6:3; Lu 1:49; z Eks 6:3; Op 11:17; Op 15:3; a Eks 3:14; Op 1:4; b Ps 92:1; c Ps 47:8; Op 21:5; d Ps 90:2; Da 4:34; Da 12:7; e Op 5:8.

troon sit en aanbid[a] die Een wat
vir ewig en altyd lewe, en hulle
gooi hulle krone voor die troon
en sê: **11** “U is waardig, Jeho-
vah, ja, ons God, om die heer-
likheid[b] en die eer[c] en die krag[d]
te ontvang, want u het alles ge-
skep,[e] en weens u wil[f] het hulle
bestaan en is hulle geskep.”[g]

**5** En ek het in die regterhand
van die Een wat op die troon
sit,[h] ’n boekrol gesien wat aan
die binnekant en op die keer-
sy beskrywe is[i] en goed verseël
is[j] met sewe seëls. **2** En ek het
’n sterk engel gesien wat met
’n harde stem uitroep: “Wie is
waardig om die boekrol oop te
maak en sy seëls los te maak?”
**3** Maar daar was niemand in die
hemel of op die aarde of onder
die aarde wat die boekrol kon
oopmaak of daarin kon kyk nie.
**4** En ek het baie gehuil omdat
niemand waardig bevind is om
die boekrol oop te maak of daar-
in te kyk nie.[k] **5** Maar een van
die ouderlinge sê vir my: “Hou
op huil. Kyk! Die Leeu wat uit
die stam Juda is,[l] die wortel[m]
van Dawid,[n] het oorwin,[o] sodat
hy die boekrol en sy sewe seëls
kan oopmaak.”

**6** En ek het in die middel van
die troon[p] en van die vier le-
wende wesens en in die midde
van die ouderlinge[q] ’n lam[r] sien
staan asof hy geslag is,[s] met
sewe horings en sewe oë, en dié
oë beteken die sewe geeste[t] van
God wat in die hele aarde uitge-
stuur is. **7** En hy het gegaan
en dit dadelik uit die regter-
hand geneem van die Een wat
op die troon sit.[u] **8** En toe hy
die boekrol neem, het die vier
lewende wesens en die vier-en-
twintig ouderlinge,[v] elkeen met
’n harp[w] en goue bakke vol
reukwerk, voor die Lam neer-
geval, en die reukwerk[x] bete-
ken die gebede[y] van die heiliges.

**HFST. 4**

a 1Kr 16:29 Ps 95:6 Op 19:10
b Mt 5:16 Op 14:7
c 1Ti 1:17
d Op 5:13 Op 7:12 Op 11:17 Op 12:10
e Ef 3:9 Op 10:6
f Mt 6:10 Mt 26:39 1Pe 4:2 1Jo 2:17
g Ge 2:3

**HFST. 5**

h Op 4:2
i Ese 2:10
j Jes 29:11 Da 12:9
k Mt 24:36 Han 1:7
l Ge 49:9 Heb 7:14
m Jes 11:1 Ro 15:12
n 2Sa 7:12 Op 22:16
o Joh 16:33
p Ef 1:20
q Ef 1:22
r Jes 53:7 Joh 1:29 1Pe 1:19
s Joh 19:30 Op 5:12
t Op 1:4
u Ps 47:8 Jes 6:1
v Op 5:14 Op 19:4
w 2Kr 29:25 Op 15:2
x Ps 141:2 Op 8:4
y Kol 4:2

**9** En hulle sing ’n nuwe lied[a] en
sê: “U is waardig om die boek-
rol te neem en sy seëls oop te
maak, want u is geslag, en met
u bloed[b] het u mense uit elke
stam en taal en volk en nasie vir
God[c] gekoop,[d] **10** en u het hul-
le ’n koninkryk[e] en priesters[f]
vir ons God gemaak,[g] en hulle
gaan as konings[h] oor die aarde
heers.”

**11** En ek het gesien, en ek
het ’n stem van baie engele
rondom die troon en die lewen-
de wesens en die ouderlinge ge-
hoor, en hulle getal was tien-
duisende van tienduisende[i] en
duisende van duisende,[j] **12** en
hulle het met ’n harde stem ge-
sê: “Die Lam wat geslag is,[k] is
waardig om die krag en rykdom
en wysheid en sterkte en eer en
heerlikheid en lof te ontvang.”[l]

**13** En ek het elke skepsel
wat in die hemel en op die aar-
de en onder die aarde[m] en op
die see is, en alles wat in hulle
is, hoor sê: “Aan die Een wat op
die troon sit[n] en aan die Lam[o]
die lof en die eer[p] en die heer-
likheid[q] en die mag vir ewig en
altyd.” **14** En die vier lewen-
de wesens het gesê: “Amen!” en
die ouderlinge[r] het neergeval
en aanbid.[s]

**6** En ek het gesien toe die
Lam[t] een van die sewe seëls
oopmaak,[u] en ek het een van
die vier lewende wesens[v] met
’n stem soos van ’n donderslag
hoor sê: “Kom!”[w] **2** En ek het
gesien, en kyk! ’n wit perd;[x] en
die een wat daarop sit,[y] het ’n
boog gehad;[z] en ’n kroon is vir
hom gegee,[a] en hy het uitge-
gaan om te oorwin[b] en om sy
oorwinning te voltooi.[c]

**Tweede kol.**

a Ps 33:3 Ps 144:9 Jes 42:10 Op 14:3
b Mt 26:28 Heb 9:12 1Pe 1:19
c Op 14:4
d 1Ko 6:20
e Lu 12:32 Lu 22:29 Heb 12:28
f Op 1:6
g Eks 19:6 1Pe 2:9 Op 20:6
h Mt 19:28 Op 20:4 Op 22:5
i De 33:2 Heb 12:22 Jud 14
j Da 7:10
k Jes 53:7 Op 5:6
l Mt 28:18
m Flp 2:10

---

n 1Kn 22:19; Op 4:2; o Joh 1:29; Op 7:17; p Joh 5:23; 1Ti 6:16; q 1Pe 4:11; r Op 7:11; s Mt 4:10; **HFST. 6** t Op 5:6; u Op 5:5; v Op 4:7; w Op 22:20; x Job 39:25; Spr 21:31; Op 19:11; y Ps 45:4; z 2Kn 9:24; a Ge 49:10; Ps 21:3; Ese 21:27; Da 7:14; Op 14:14; b Ps 110:2; Op 12:7; c Op 16:14; Op 17:14.

**3** En toe hy die tweede seël
oopmaak, het ek die tweede le-
wende wese[a] hoor sê: “Kom!”
**4** En ’n ander een het te voor-
skyn gekom, ’n vuurkleurige
perd; en aan die een wat daar-
op sit, is dit gegee om vrede van
die aarde weg te neem sodat
hulle mekaar sou doodmaak; en
’n groot swaard is vir hom ge-
gee.[b]

**5** En toe hy[c] die derde seël
oopmaak, het ek die derde le-
wende wese[d] hoor sê: “Kom!” En
ek het gesien, en kyk! ’n swart
perd; en die een wat daarop sit,
het ’n weegskaal[e] in sy hand ge-
had. **6** En ek het ’n stem asof
van tussen[f] die vier lewende we-
sens[g] hoor sê: “’n Liter koring
vir ’n dena′rius,[h] en drie liter
gars vir ’n dena′rius; en moenie
die olyfolie en die wyn beskadig
nie.”[i]

**7** En toe hy die vierde seël
oopmaak, het ek die stem van
die vierde lewende wese[j] hoor
sê: “Kom!” **8** En ek het ge-
sien, en kyk! ’n vaal perd; en
die een wat daarop sit, het die
naam Dood gehad. En Ha′des[k]
het kort agter hom gevolg. En
hulle is gesag oor die vierde deel
van die aarde gegee, om dood
te maak met ’n lang swaard[l] en
met voedseltekorte[m] en met do-
delike plae en deur die wilde
diere[n] van die aarde.

**9** En toe hy die vyfde seël
oopmaak, het ek onder die al-
taar[o] die siele[p] gesien van dié
wat doodgemaak is[q] weens die
woord van God en weens die
getuieniswerk[r] wat hulle ge-
had het. **10** En hulle het met
’n harde stem uitgeroep en ge-
sê: “Tot wanneer, Soewerei-
ne[s] Heer, heilig en waaragtig,[t]
weerhou u u daarvan om te oor-
deel[u] en ons bloed te wreek[v]
op dié wat op die aarde woon?”
**11** En ’n wit[w] kleed is vir elk-
een van hulle gegee; en vir hul-
le is gesê om nog ’n klein rukkie
te rus, totdat ook hulle medesla-
we en hulle broers wat weldra
net soos hulle ook doodgemaak
gaan word,[a] voltallig is.

**12** En ek het gesien toe hy
die sesde seël oopmaak, en ’n
groot aardbewing het plaasge-
vind; en die son het swart ge-
word soos saklinne[b] van hare,
en die hele maan het soos
bloed[c] geword, **13** en die ster-
re van die hemel het op die aar-
de geval, soos wanneer ’n vye-
boom wat deur ’n sterk wind
geskud word, sy groen vye af-
gooi. **14** En die hemel het ge-
wyk soos ’n boekrol wat opge-
rol word,[d] en elke berg en elke
eiland is uit hulle plekke verwy-
der.[e] **15** En die konings van
die aarde en die hooggeplaastes
en die militêre bevelvoerders en
die rykes en die sterkes en elke
slaaf en elke vrye het in die
grotte en in die rotse[f] van die
berge weggekruip. **16** En hul-
le hou aan om vir die berge en
vir die rotse te sê: “Val op ons[g]
en verberg ons vir die aangesig
van die Een wat op die troon
sit[h] en vir die gramskap van die
Lam,[i] **17** want die groot dag[j]
van hulle gramskap[k] het ge-
kom, en wie kan staan?”[l]

**7** Hierna het ek op die vier
hoeke van die aarde vier en-
gele[m] sien staan, wat die vier
winde[n] van die aarde styf vas-
hou, sodat geen wind op die aar-
de of op die see of teen enige
boom[o] sou waai nie. **2** En ek
het ’n ander engel van die sons-
opgang af sien opkom,[p] met ’n
seël van die lewende God;[q] en
hy het met ’n harde stem ge-
roep na die vier engele aan wie
dit gegee is om die aarde en
die see te beskadig **3** en gesê:
“Moenie die aarde of die see of
die bome beskadig tot ná ons

**HFST. 6**
a Op 4:7
b Da 11:40, Mt 24:7, Lu 21:10
c Op 6:1
d Op 4:7
e Ese 4:16
f Op 5:6
g Op 7:11
h Mt 20:2
i Mr 13:8
j Op 4:7
k Op 20:13
l Jer 15:3, Am 4:10
m Jer 15:2, Ese 5:17, Lu 21:11
n Le 26:22, Ese 14:21, Ese 33:27
o Le 4:7, Op 8:3
p Le 17:11, Op 17:6
q Mt 24:9, 1Jo 3:12
r Mt 24:14, Joh 18:37, Op 20:4
s Han 4:24
t 1Jo 5:20
u Lu 18:7, Heb 12:23, Op 19:2
v Ge 4:10, De 32:43
w Op 3:5, Op 4:4

**Tweede kol.**
a Mt 24:9, Han 9:1, 2Ko 1:8
b Jes 50:3
c Jl 2:31, Mt 24:29, Han 2:20
d Jes 34:4
e Op 16:20
f Jes 2:10, Jes 2:19, Ese 33:27
g Ho 10:8, Lu 23:30
h Op 4:2
i Op 5:6
j Sef 1:14
k Sef 1:18, Ro 2:5
l Jl 2:11

**HFST. 7**
m Mt 25:31
n Jer 25:32
o Ps 37:35
p Op 16:12
q Joh 6:27

die slawe van ons God op hulle
voorkoppe[a] verseël het nie.”[b]
4 En ek het die getal gehoor
van dié wat verseël is, hon-
derd-vier-en-veertigduisend,[c]
verseël uit elke stam[d] van die
kinders van Israel:[e]
5 Uit die stam Juda[f] twaalf-
duisend wat verseël is;
uit die stam Ruben[g] twaalf-
duisend;
uit die stam Gad[h] twaalfdui-
send;
6 uit die stam Aser[i] twaalf-
duisend;
uit die stam Naf′tali[j] twaalf-
duisend;
uit die stam Manas′se[k] twaalf-
duisend;
7 uit die stam Si′meon[l]
twaalfduisend;
uit die stam Levi[m] twaalfdui-
send;
uit die stam Is′saskar[n] twaalf-
duisend;
8 uit die stam Se′bulon[o]
twaalfduisend;
uit die stam Josef[p] twaalfdui-
send;
uit die stam Benjamin[q]
twaalfduisend wat verseël is.[r]
9 Ná hierdie dinge het ek ge-
sien, en kyk! ’n groot menigte,[s]
wat geen mens kon tel nie, uit
alle nasies[t] en stamme en vol-
ke[u] en tale,[v] wat voor die troon[w]
en voor die Lam staan, geklee
in wit klere;[x] en daar was palm-
takke[y] in hulle hande. 10 En
hulle hou aan om met ’n harde
stem te roep en te sê: “Redding
is ons verskuldig aan ons God,[z]
wat op die troon sit,[a] en aan die
Lam.”[b]
11 En al die engele[c] het
rondom die troon en die ou-
derlinge[d] en die vier lewende
wesens[e] gestaan, en hulle het
voor die troon op hulle gesig ge-
val en God aanbid[f] 12 en gesê:
“Amen! Aan ons God die seën en
die heerlikheid en die wysheid
en die danksegging en die eer
en die krag[a] en die sterkte vir
ewig en altyd. Amen.”[b]
13 Hierop het een van die ou-
derlinge[c] vir my gesê: “Dié wat
in die wit klere geklee is,[d] wie
is hulle en waar het hulle van-
daan gekom?” 14 Toe het ek
dadelik vir hom gesê: “My heer,
ú weet.” En hy het vir my ge-
sê: “Dit is hulle wat uit die
groot verdrukking kom,[e] en
hulle het hulle klere gewas en
dit wit gemaak[f] in die bloed[g]
van die Lam. 15 Daarom is
hulle voor[h] die troon van God;
en hulle verrig dag en nag heili-
ge diens[i] aan hom in sy tempel;
en die Een wat op die troon sit,[j]
sal sy tent[k] oor hulle uitsprei.
16 Hulle sal nie meer honger of
dors wees nie, en ook sal die
son nie op hulle neerbrand of
enige verskroeiende hitte[l] nie,
17 want die Lam,[m] wat in die
middel van die troon is, sal hulle
herder wees[n] en sal hulle na fon-
teine van waters[o] van die lewe
lei. En God sal elke traan van
hulle oë afvee.”[p]

8 En toe hy[q] die sewende seël
oopmaak,[r] het ’n stilte in
die hemel gekom, omtrent ’n
halfuur lank. 2 En ek het die
sewe engele gesien[s] wat voor
God staan, en sewe trompette is
vir hulle gegee.
3 En ’n ander engel het daar
aangekom en by die altaar[t]
gaan staan met ’n goue reuk-
werkhouer; en ’n groot hoeveel-
heid reukwerk[u] is vir hom ge-
gee om dit saam met die gebede
van al die heiliges op die goue
altaar te offer wat voor die
troon was. 4 En die rook van
die reukwerk het saam met die
gebede[v] van die heiliges uit die

**HFST. 7**

a Mt 24:31, Op 9:4
b 2Ko 1:22, Ef 1:13, Ef 4:30
c Op 14:1, Op 14:3
d Jak 1:1, Op 21:12
e Ro 2:29, Ro 9:6, Ga 6:16
f Ge 49:10, 1Kr 5:2
g Ge 49:3
h Ge 49:19
i Ge 49:20
j Ge 49:21
k Ge 41:51, Ese 48:4
l Ge 49:5
m Nu 3:6
n Ge 49:14
o Ge 49:13
p 1Kr 5:2
q Ge 49:27
r Op 7:3
s Mt 25:34, Joh 10:16, Op 22:17
t Ge 22:18, Jes 2:2, Jes 60:3, Op 15:4
u Ps 117:1
v Jes 66:18
w Ps 11:4
x Op 7:14
y Le 23:40, Joh 12:13
z Ps 3:8, Lu 1:69, Tit 2:10, Jud 25
a Op 4:2
b Han 4:12, Op 5:6
c Mt 25:31, Heb 12:22
d Op 11:16
e Op 14:3
f Ps 95:6

**Tweede kol.**

a Op 4:11
b Heb 13:21, 1Pe 4:11, 1Pe 5:11
c Op 4:4
d Op 7:9
e Mt 24:21, Mr 13:19
f Jes 1:18, Joh 1:29
g Heb 9:14, Heb 9:22, 1Jo 1:7, Op 1:5
h Ps 11:4
i Mt 4:10, Lu 2:37
j Op 4:2
k Ps 15:1, Op 21:3
l Ps 121:6, Jes 49:10
m Op 5:6
n Mt 25:32, Joh 10:11
o Op 22:1

p Jes 25:8; Op 21:4; **HFST. 8** q Op 6:1; r Op 5:1; s Op 15:1; t Eks 30:1; Op 9:13; u Op 5:8; v Ps 141:2; Lu 1:10; 1Pe 4:7.

hand van die engel opgestyg
voor God. **5** Maar die engel
het dadelik die reukwerkhouer
geneem, en hy het dit met vuur[a]
van die altaar gevul en dit na
die aarde geslinger.[b] En daar
het donderslae[c] gekom en stem-
me en weerligstrale[d] en 'n aard-
bewing.[e] **6** En die sewe enge-
le met die sewe[f] trompette[g] het
hulle gereedgemaak om daarop
te blaas.

**7** En die eerste het op sy
trompet geblaas. En daar het
hael en vuur[h] gemeng met bloed
gekom, en dit is na die aarde ge-
slinger; en 'n derde van die aar-
de is verbrand,[i] en 'n derde van
die bome is verbrand, en al die
groen plantegroei[j] is verbrand.

**8** En die tweede engel het
op sy trompet geblaas. En iets
soos 'n groot berg[k] wat met
vuur brand, is in die see[l] geslin-
ger. En 'n derde van die see het
bloed geword;[m] **9** en 'n derde
van die skepsele in die see wat
'n siel het, het gesterf,[n] en 'n
derde van die bote het vergaan.

**10** En die derde engel het op
sy trompet geblaas. En 'n groot
ster wat soos 'n lamp brand,
het uit die hemel geval,[o] en dit
het op 'n derde van die riviere
en op die waterfonteine geval.[p]
**11** En die naam van die ster
word genoem Als. En 'n derde
van die waters het in als veran-
der, en baie van die mense het
van die waters gesterf, want dit
is bitter gemaak.[q]

**12** En die vierde engel het op
sy trompet geblaas. En 'n derde
van die son en 'n derde van die
maan en 'n derde van die sterre
is getref, sodat 'n derde van hul-
le verduister sou word[r] en die
dag vir 'n derde daarvan nie ver-
lig sou word nie,[s] en so ook die
nag.

**13** En ek het gesien, en ek
het 'n arend[t] wat in die mid-
del van die hemel[a] vlieg, met 'n
harde stem hoor sê: "Wee, wee,
wee[b] dié wat op die aarde woon,
weens die res van die trompet-
stote van die drie engele wat
op die punt staan om op hulle
trompette te blaas!"[c]

**9** En die vyfde engel het op sy
trompet geblaas.[d] En ek het
'n ster[e] gesien wat uit die hemel
op die aarde geval het, en die
sleutel[f] van die put van die af-
grond[g] is vir hom gegee. **2** En
hy het die put van die afgrond
oopgemaak, en rook[h] het uit
die put opgestyg soos die rook
van 'n groot oond,[i] en die son,
asook die lug, is deur die rook
van die put verduister.[j] **3** En
uit die rook het sprinkane[k] op
die aarde te voorskyn gekom;
en aan hulle is gesag gegee, die-
selfde gesag as wat die skerpioe-
ne[l] van die aarde het. **4** En vir
hulle is gesê om geen plante-
groei van die aarde of enige
groenigheid of enige boom te be-
skadig nie, maar net dié mense
wat nie die seël van God op hul-
le voorkoppe het nie.[m]

**5** En aan die sprinkane is
dit gegee, nie om hulle dood
te maak nie, maar dat hulle
vyf maande lank gepynig moet
word,[n] en die pyniging oor hul-
le was soos die pyniging deur 'n
skerpioen[o] wanneer dit 'n mens
steek. **6** En in daardie dae sal
die mense die dood soek,[p] maar
dit hoegenaamd nie vind nie,
en hulle sal begeer om te sterf,
maar die dood bly van hulle af
wegvlug.

**7** En die gestaltes van die
sprinkane was soos dié van per-
de[q] wat gereedgemaak is vir die
geveg; en op hulle koppe was
iets soos krone, wat gelyk het
soos goud, en hulle gesigte was
soos die gesigte van mense,[r]
**8** maar hulle het hare gehad

**HFST. 8**
a Jes 6:6
b Lu 12:49
c Eks 19:16
Op 4:5
Op 10:4
Op 16:18
d Ps 97:4
e Op 6:12
f Op 8:7
Op 8:8
Op 8:10
Op 8:12
Op 9:1
Op 9:13
Op 11:15
g Le 25:9
Nu 10:2
h Eks 9:23
Jl 2:30
i De 4:24
Ps 97:3
Heb 12:29
j Jes 40:6
k Jer 51:25
l Ps 65:7
Jes 17:13
Jes 57:20
m Eks 7:20
n Op 16:3
o Jes 14:12
Lu 10:18
2Ko 11:14
p Op 16:4
q Spr 25:26
Am 5:7
Am 6:12
r Eks 10:22
s Jes 60:2
Ef 6:12
Kol 1:13
t Job 39:29

**Tweede kol.**
a De 4:11
Op 14:6
Op 19:17
b Op 9:12
Op 11:14
c Op 8:2

**HFST. 9**
d Op 8:2
e Nu 24:17
Op 22:16
f Op 20:1
g Lu 8:31
Op 9:11
h Eks 19:18
Jl 2:30
i Ge 19:28
j Jl 2:2
Jl 2:10
k Eks 10:4
Eks 10:12
l De 8:15
Lu 11:12
m Op 7:3
n Op 16:9
Op 18:7
o Op 9:10
p Job 3:21
Op 6:16
q Jl 2:4
r Jl 2:6

soos vrouehare.[a] En hulle tande
was soos dié van leeus;[b] **9** en
hulle het borsplate[c] soos yster-
borsplate gehad. En die geluid
van hulle vlerke was soos die
geluid van waens[d] van baie per-
de wat in die geveg inhardloop.[e]
**10** Ook het hulle sterte en an-
gels soos skerpioene;[f] en in hul-
le sterte is hulle gesag om die
mense vyf maande lank seer te
maak. **11** Hulle het ’n koning
oor hulle, die engel van die af-
grond.[g] In Hebreeus is sy naam
Abad′don, maar in Grieks het
hy die naam Apol′lion.[h]

**12** Die een wee is verby. Kyk!
Nog twee weë[i] kom ná hierdie
dinge.

**13** En die sesde engel[j] het op
sy trompet geblaas.[k] En ek het
een stem gehoor[l] uit die ho-
rings van die goue altaar[m] wat
voor God is, **14** wat vir die
sesde engel, wat die trompet ge-
had het, sê: “Maak die vier en-
gele[n] los wat by die groot rivier,
die Eufraat,[o] vasgebind is.”[p]
**15** En die vier engele, wat ge-
reedgemaak is vir die uur en
dag en maand en jaar, is losge-
maak om ’n derde van die men-
se dood te maak.

**16** En die getal van die leërs
van ruiters was twee tiendui-
sende van tienduisende: ek het
hulle getal gehoor. **17** En só
het ek die perde, en dié wat op
hulle sit, in die visioen gesien:
hulle het vuurrooi en hiasint-
blou en swaelgeel borsplate ge-
had; en die koppe van die per-
de was soos leeukoppe,[q] en uit
hulle bekke het vuur en rook
en swael[r] uitgegaan. **18** Deur
hierdie drie plae is ’n derde van
die mense doodgemaak, deur
die vuur en die rook en die swa-
el wat uit hulle bekke uitgegaan
het. **19** Want die gesag van
die perde is in hulle bekke en
in hulle sterte; want hulle ster-
te is soos slange[a] en het koppe,
en daarmee rig hulle skade aan.

**20** Maar die res van die men-
se wat nie deur hierdie plae ge-
dood is nie, het nie berou gehad
oor die werke van hulle hande,[b]
sodat hulle nie die demone[c] en
die afgode van goud en silwer[d]
en koper en klip en hout, wat
nie kan sien of hoor of loop nie,[e]
sou aanbid nie; **21** en hulle
het nie berou gehad oor hulle
moorde[f] of oor hulle spiritistie-
se gebruike[g] of oor hulle hoere-
ry of oor hulle diefstalle nie.

**10** En ek het ’n ander sterk
engel[h] uit die hemel sien
neerdaal, geklee met ’n wolk,[i]
en daar was ’n reënboog op
sy kop, en sy gesig was soos
die son,[j] en sy voete[k] was soos
vuurpilare, **2** en hy het in sy
hand ’n geopende boekrolletjie
gehad. En hy het sy regtervoet
op die see gesit, maar sy lin-
kervoet op die aarde,[l] **3** en hy
het met ’n harde stem uitgeroep
net soos wanneer ’n leeu[m] brul.
En toe hy uitroep, het die sewe
donderslae[n] hulle eie stemme
laat hoor.

**4** En toe die sewe donderslae
praat, het ek op die punt ge-
staan om te skryf; maar ek het
’n stem uit die hemel[o] hoor sê:
“Verseël die dinge[p] wat die sewe
donderslae gesê het, en moet dit
nie neerskryf nie.” **5** En die
engel wat ek op die see en op
die aarde sien staan het, het sy
regterhand na die hemel opge-
hef,[q] **6** en hy het gesweer by
die Een wat vir ewig en al-
tyd[r] lewe,[s] wat die hemel en
die dinge daarin en die aarde[t]
en die dinge daarin en die see
en die dinge daarin[u] geskep
het: “Daar sal geen uitstel[v]
meer wees nie; **7** maar in die
dae wanneer die sewende en-
gel[w] homself laat hoor, wanneer

**HFST. 9**
a 1Ko 11:15; Ef 5:24
b Jl 1:6
c Ef 6:14; 1Te 5:8; 2Ti 2:3
d Jl 2:5
e 2Ko 10:4
f Op 9:5
g Op 9:1; Op 20:1
h Lu 4:34; Op 19:15
i Op 8:13
j Op 8:6
k Op 11:15
l Op 1:12
m Op 8:3
n Ga 4:14
o Ge 2:14; Op 16:12; Op 17:15
p Ps 102:20; Ps 137:1; Ps 142:7; Jes 42:7; Jes 49:9
q 1Kr 12:8; Spr 28:1
r Ps 11:6

**Tweede kol.**
a Jer 8:17
b De 31:29; Jer 5:3
c De 32:17; Ps 106:37; 1Ko 10:20
d Ps 115:4; Ps 135:15
e Jes 44:9; Jer 10:5; Da 5:23
f Eks 20:13
g Ga 5:20

**HFST. 10**
h Da 10:21; Jud 9; Op 12:7
i Da 7:13; Op 1:7
j Mal 4:2; Mt 17:2
k Op 1:15
l Heb 2:8
m Spr 20:2; Op 5:5
n Eks 19:16; Op 4:5; Op 11:19
o Op 10:8
p Da 12:4
q Da 12:7
r Ps 90:2; 1Ti 1:17; Op 4:9
s Jer 10:10
t Ge 14:19
u Eks 20:11; Ne 9:6; Ps 146:6; Han 4:24
v Jes 46:13; Ese 12:25; Hab 2:3
w Op 8:6

hy op die punt staan om op sy
trompet te blaas,[a] word die hei-
lige geheim[b] van God ooreen-
komstig die goeie nuus wat hy
aan sy eie slawe, die profete,
bekend gemaak het,[c] inderdaad
tot ’n einde gebring.”

**8** En die stem[d] wat ek uit die
hemel gehoor het, praat weer
met my en sê: “Gaan, neem die
geopende boekrol wat in die
hand van die engel is wat op
die see en op die aarde staan.”[e]
**9** En ek het na die engel toe
gegaan en vir hom gesê om die
boekrolletjie vir my te gee. En
hy het vir my gesê: “Neem dit
en eet dit op,[f] en dit sal jou
maag bitter maak, maar in jou
mond sal dit soet wees soos heu-
ning.” **10** En ek het die boek-
rolletjie uit die hand van die en-
gel geneem en dit opgeëet,[g] en
in my mond was dit soet soos
heuning;[h] maar toe ek dit opge-
eet het, is my maag bitter ge-
maak. **11** En hulle sê vir my:
“Jy moet weer met betrekking
tot volke en nasies en tale en
baie konings profeteer.”[i]

# 11

En ’n riet soos ’n staf[j] is
vir my gegee terwyl hy
gesê het: “Staan op en meet die
tempelheiligdom[k] van God en
die altaar en dié wat daarin aan-
bid. **2** Maar wat die voorhof
betref wat buitekant[l] die tem-
pelheiligdom is, werp dit heel-
temal uit en moet dit nie meet
nie, want dit is aan die nasies
gegee,[m] en hulle sal die heili-
ge stad[n] twee-en-veertig maan-
de[o] lank met die voete vertrap.
**3** En ek sal my twee[p] getui-
es duisend-tweehonderd-en-ses-
tig dae laat profeteer,[q] geklee in
saklinne.”[r] **4** Hulle word deur
die twee olyfbome[s] en die twee
lampstaanders[t] gesimboliseer
en staan voor die Here van die
aarde.[u]

**5** En as iemand hulle kwaad
wil aandoen, gaan vuur uit hul-
le mond uit en verteer hul-
le vyande;[a] en as iemand hulle
kwaad sal wil aandoen, moet hy
op hierdie manier doodgemaak
word. **6** Hulle het die gesag
om die hemel toe te sluit[b] so-
dat geen reën sal val[c] geduren-
de die dae wat hulle profeteer
nie, en hulle het gesag oor die
waters, om dit in bloed[d] te ver-
ander en om die aarde met aller-
hande plae te tref so dikwels as
hulle wil.

**7** En wanneer hulle hulle ge-
tuienis klaar gegee het, sal die
wilde dier wat uit die afgrond
opkom,[e] teen hulle oorlog voer
en hulle oorwin en hulle dood-
maak.[f] **8** En hulle lyke sal op
die breë straat van die groot
stad lê wat in geestelike sin So-
dom[g] en Egipte genoem word,
waar hulle Here ook aan die
paal gehang is.[h] **9** En mense
uit die volke en stamme en tale
en nasies[i] sal drie en ’n half dae[j]
na hulle lyke kyk, en hulle laat
nie toe dat hulle lyke in ’n graf
neergelê word nie. **10** En dié
wat op die aarde woon, is bly[k]
oor hulle en is vrolik, en hulle
sal aan mekaar geskenke stuur,[l]
want hierdie twee profete het
dié wat op die aarde woon, gepy-
nig.

**11** En ná die drie en ’n half
dae[m] het lewensgees van God af
in hulle ingegaan,[n] en hulle het
op hulle voete gaan staan, en
groot vrees het op dié geval wat
hulle gesien het. **12** En hulle
het ’n harde stem[o] uit die hemel
vir hulle hoor sê: “Kom op hier-
heen.”[p] En hulle het in die wolk
tot in die hemel opgegaan, en
hulle vyande het hulle gesien.
**13** En in daardie uur het daar ’n
groot aardbewing plaasgevind,
en ’n tiende[q] van die stad het
geval; en seweduisend persone

**HFST. 10**
a Op 11:15
b Mr 4:11
c Am 3:7
d Op 10:4
e Op 10:2
f Ese 2:8
g Jer 15:16
h Ps 119:103, Ese 3:3
i Jer 1:10

**HFST. 11**
j Ese 40:3
k 1Ko 3:16, 2Ko 6:16, Ef 2:21, 1Pe 2:5, 1Pe 4:17
l Ese 40:17
m Lu 21:24
n Heb 12:22, Op 21:2
o Op 13:5
p Joh 8:17
q Han 2:17, Op 19:10
r Ps 69:11
s Sag 4:3, Sag 4:11
t Sag 4:12, Mt 5:14
u Sag 4:14

**Tweede kol.**
a Jer 5:14
b Lu 4:25
c 1Kn 17:1, Jak 5:17
d Ge 9:4, Eks 7:19, Han 15:20
e Op 13:1
f Op 2:10, Op 2:13, Op 12:17
g Jes 1:10
h Lu 13:33, Heb 13:12
i Op 13:7, Op 17:15
j Op 11:11
k Ps 35:15, Spr 24:17
l Lu 23:12
m Op 11:9
n Ese 37:5
o Ps 29:4
p Ps 50:5, Ps 147:2, Op 4:1
q Jes 6:13

is deur die aardbewing doodge-
maak, en die res het bang ge-
word en heerlikheid aan die
God van die hemel gegee.[a]
**14** Die tweede wee is verby.[b]
Kyk! Die derde wee kom gou.
**15** En die sewende engel het
op sy trompet geblaas.[c] En daar
het harde stemme in die hemel
gekom wat sê: “Die koninkryk
van die wêreld het die konink-
ryk van ons Here[d] en van sy
Christus geword,[e] en hy sal vir
ewig en altyd as koning heers.”[f]
**16** En die vier-en-twintig ou-
derlinge[g] wat voor God op hul-
le trone gesit het, het op hul-
le gesig geval[h] en God aanbid[i]
**17** en gesê: “Ons dank u,[j] Je-
hovah God, die Almagtige,[k] die
Een wat is[l] en wat was, want
u het u groot krag opgeneem[m]
en as koning begin heers.[n]
**18** Maar die nasies se gramskap
het ontvlam, en u eie gram-
skap het gekom, en die vasge-
stelde tyd vir die dooies om ge-
oordeel te word en om aan u
slawe, die profete,[o] en aan die
heiliges en aan dié wat u naam
vrees, klein en groot,[p] hulle be-
loning te gee,[q] en om die verder-
wers van die aarde[r] te verderf.”[s]
**19** En die tempelheiligdom
van God wat in die hemel is,[t]
is oopgemaak, en die ark[u] van
sy verbond is in sy tempelheilig-
dom[v] gesien. En daar het weer-
ligstrale en stemme en donder-
slae en ’n aardbewing en ’n
groot hael gekom.

**12** En ’n groot teken[w] is in
die hemel gesien: ’n
vrou[x] geklee met die son, en
die maan was onder haar voe-
te, en op haar kop was ’n kroon
van twaalf sterre, **2** en sy was
swanger. En sy roep uit in haar
pyne[y] en in haar barensnood.
**3** En nog ’n teken is in die
hemel gesien, en kyk! ’n groot
vuurkleurige draak[a] met sewe
koppe en tien horings en op
sy koppe sewe krone; **4** en sy
stert[b] sleep ’n derde van die
sterre[c] van die hemel saam, en
hy het hulle na die aarde neer-
geslinger.[d] En die draak het
voor die vrou[e] bly staan wat op
die punt gestaan het om geboor-
te te gee,[f] sodat hy, wanneer sy
geboorte gegee het, haar kind
kon verslind.[g]
**5** En sy het geboorte gegee
aan ’n seun,[h] ’n manlike kind,
wat met ’n ysterstaf as her-
der teenoor al die nasies sal
optree.[i] En haar kind is weg-
geruk na God en na sy troon.[j]
**6** En die vrou het die wilder-
nis in gevlug,[k] waar sy ’n plek
het wat deur God berei is, sodat
hulle haar daar duisend-twee-
honderd-en-sestig dae[l] lank sou
voed.[m]
**7** En oorlog het in die hemel
uitgebreek: Mi′gael[n] en sy en-
gele het teen die draak ge-
veg, en die draak en sy engele
het geveg, **8** maar hy het nie
geseëvier nie, en ook is daar
vir hulle geen plek meer in
die hemel gevind nie. **9** Toe is
die groot draak[o] neergeslinger,
die oorspronklike slang,[p] die
een wat Duiwel[q] en Satan[r] ge-
noem word, wat die hele be-
woonde aarde mislei;[s] hy is na
die aarde neergeslinger,[t] en sy
engele is saam met hom neerge-
slinger. **10** En ek het ’n harde
stem in die hemel hoor sê:
“Nou het die redding[u] en die
krag[v] en die koninkryk van
ons God[w] en die gesag van sy

**HFST. 11**
a Jes 26:16
b Op 9:12
c Op 8:6
d 1Kr 29:11, Ps 22:28, Ps 97:1, Da 4:17, Da 4:34, Op 12:10
e Ps 2:6, Ese 21:27, Da 7:13, Lu 1:33, Lu 22:29, 2Pe 1:11
f Ps 145:13, Da 2:44
g Op 4:10, Op 14:3
h Ps 95:6
i Op 7:11
j Jes 12:1
k Eks 6:3, Am 4:13, Op 16:7
l Eks 3:14, Op 1:4, Op 16:5
m Eks 9:16, Job 37:23, Jes 40:26, Ro 9:17, Op 4:11
n Ps 99:1, Sag 14:9, Op 19:6
o Ho 12:10, Am 3:7, Mt 2:23, Han 3:18, Ro 1:2, Heb 1:1, Jak 5:10, 1Pe 1:10
p Ps 115:13, Han 26:22
q 1Te 4:16, Heb 11:6, Op 14:13
r Ge 6:11, Ps 53:1, Jer 6:28, Jer 51:25, Sef 3:7
s Jes 6:11, Jer 4:7, Jer 26:18, Mi 3:12
t Op 14:17
u 1Kn 8:1, Ps 132:8
v Hab 2:20, Heb 8:2, Heb 9:11

**HFST. 12**
w Op 1:1
x Jes 54:1, Jes 54:5, Ga 4:26
y Ge 3:16

**Tweede kol.**
a Op 12:9, Op 20:2
b Jes 9:15
c Ge 6:2, Job 38:7, 2Ko 11:15
d 2Pe 2:4, Jud 6

e Ge 3:15; f Jes 66:9; g Jer 51:34; h Op 11:15; i Ps 2:9; Ps 110:2; Op 19:15; j Ps 2:6; Ps 110:1; k Ps 55:7; l Op 11:3; Op 12:14; m 1Kn 19:6; Spr 30:8; n Da 10:13; Da 12:1; Jud 9; o Op 12:3; Op 20:2; p Ge 3:1; 2Ko 11:3; Op 12:14; q Mt 4:1; Joh 8:44; Heb 2:14; Jak 4:7; 1Pe 5:8; r 1Kr 21:1; Job 1:6; Sag 3:2; Mt 4:10; Joh 13:27; Ro 16:20; 2Te 2:9; s 2Ko 4:4; 2Ko 11:14; Ef 2:2; 1Jo 5:19; t Lu 10:18; Op 12:13; u Ps 118:14; Lu 1:69; Ro 13:11; 2Ko 6:2; Heb 9:28; 1Pe 1:5; v Op 11:17; w Op 11:15.

Christus[a] gekom, want die be-
skuldiger van ons broers, wat
hulle dag en nag voor ons God
beskuldig,[b] is neergeslinger!
**11** En hulle het hom oorwin[c]
weens die bloed van die Lam[d]
en weens die woord van hulle
getuienis,[e] en selfs toe die dood
hulle in die gesig gestaar het,
het hulle hulle siel nie lief-
gehad nie.[f] **12** Daarom, wees
bly, o hemele en julle wat daar-
in woon![g] Wee[h] die aarde en die
see,[i] want die Duiwel het na jul-
le toe neergedaal en het groot
toorn, omdat hy weet dat hy ’n
kort tydjie het.”[j]

**13** En toe die draak sien dat
hy na die aarde neergeslinger
is,[k] het hy die vrou[l] vervolg wat
aan die seun geboorte gegee
het. **14** Maar die twee vlerke
van die groot arend[m] is aan die
vrou gegee, sodat sy die wilder-
nis in,[n] na haar plek, kon vlieg;
daar word sy ’n tyd en tye en
’n halwe tyd[o] gevoed,[p] weg van
die gesig van die slang[q] af.

**15** En die slang het water[r]
soos ’n rivier uit sy bek ag-
ter die vrou aan uitgespoeg, om
haar deur die rivier te laat ver-
drink.[s] **16** Maar die aarde het
die vrou te hulp gekom,[t] en die
aarde het sy mond oopgemaak
en die rivier verswelg wat die
draak uit sy bek uitgespoeg het.
**17** En die draak se gramskap
het teen die vrou ontvlam,[u] en
hy het weggegaan om oorlog te
voer teen die oorblywendes van
haar saad, wat die gebooie van
God bewaar en die werk het om
van Jesus te getuig.[v]

# 13

En hy het op die sand[w]
van die see gaan staan.

En ek het ’n wilde dier[x] uit
die see sien opkom,[y] met tien
horings[z] en sewe koppe,[a] en
op sy horings tien krone, maar
op sy koppe lasterlike[b] name.
**2** En die wilde dier wat ek ge-
sien het, was soos ’n luiperd,[a]
maar sy pote was soos dié van
’n beer,[b] en sy bek was soos ’n
leeu[c] se bek. En die draak[d] het
aan die dier sy krag en sy troon
en groot gesag gegee.[e]

**3** En ek het een van sy kop-
pe gesien asof dit tot die dood
toe geslag is, maar sy dodelike
wond[f] het genees, en die hele
aarde het die wilde dier met be-
wondering gevolg. **4** En hulle
het die draak aanbid omdat hy
die gesag aan die wilde dier ge-
gee het, en hulle het die wil-
de dier aanbid met die woorde:
“Wie is soos die wilde dier, en
wie kan teen hom veg?” **5** En
’n mond wat groot dinge[g] en
lasteringe spreek, is aan hom
gegee,[h] en gesag om twee-en-
veertig maande[i] op te tree, is
aan hom gegee. **6** En hy het
sy mond oopgemaak met laste-
ringe[j] teen God, om sy naam en
sy woonplek, ja, dié wat in die
hemel woon,[k] te laster. **7** En
aan hom is dit gegee[l] om teen
die heiliges oorlog te voer en
hulle te oorwin,[m] en hy is gesag
oor elke stam en volk en taal en
nasie gegee. **8** En almal wat
op die aarde woon, sal hom aan-
bid; die naam van nie een van
hulle staan van die grondleg-
ging van die wêreld[n] af geskry-
we in die boekrol[o] van die lewe
van die Lam wat geslag is nie.[p]

**9** As iemand ’n oor het, laat
hom hoor.[q] **10** As iemand vir
gevangenskap bestem is, gaan
hy gevangenskap in.[r] As
iemand met die swaard sal
doodmaak, moet hy met die
swaard doodgemaak word.[s]
Hiér beteken dit die volharding[t]
en geloof[u] van die heiliges.[v]

HFST. 12
a Mt 24:30; Mt 25:32; 2Ko 5:10; Ef 1:10; 1Te 4:16
b Job 1:9; Sag 3:1
c 1Jo 2:14
d 1Pe 1:19
e Han 1:8; 2Ti 1:8; Op 1:9; Op 19:10
f Mt 16:25; Lu 14:26; Han 20:24
g Han 7:53; Heb 12:22; Op 13:6
h Op 8:13
i Jes 57:20; Jes 60:2; Op 17:15
j Da 8:19; Mi 4:1; Mt 24:34; Ro 16:20; 2Ti 3:1; 2Pe 3:3
k Lu 10:18
l Ge 3:15; Op 12:1
m Eks 19:4; Jes 40:31
n Ps 55:7
o Op 11:3; Op 12:6
p Mt 4:4; Lu 12:42
q Ge 3:1; 2Ko 11:3
r Ps 18:4; Jes 17:12
s Da 11:40
t Tit 3:1; Op 13:11
u Ge 3:15
v Mt 24:9; Han 1:8; Op 1:9; Op 6:9

HFST. 13
w Jer 5:22
x Op 11:7; Op 13:18; Op 19:20
y Jes 57:20; Da 7:2; Hab 1:14; Op 17:15; Op 21:1
z Da 7:7
a Op 13:3
b Ps 74:10

Tweede kol.
a Da 7:6
b Da 7:5
c Da 7:4
d Op 12:9
e Lu 4:6
f Op 13:14
g Da 7:8
h Lu 12:10
i Op 11:2; Op 11:3
j Eks 5:2; Jes 14:13; Da 7:25

k Op 12:12; l Joh 19:11; m Lu 22:31; Op 12:17; n Ef 1:4; 1Pe 1:20; o Da 12:1; Op 3:5; Op 21:27; p Jes 53:7; Mt 27:50; Op 5:6; Op 5:12; q Mt 11:15; r Sag 14:2; s Ge 9:6; Mt 26:52; t Mt 24:13; Heb 10:36; Heb 12:3; u Op 2:10; v Da 7:18; 1Ko 6:2; Op 20:6.

**11** En ek het ’n ander wilde
dier[a] uit die aarde sien opkom,[b]
en hy het twee horings gehad
soos ’n lam, maar hy het soos ’n
draak begin praat.[c] **12** En hy
oefen al die gesag van die eerste
wilde dier[d] voor sy oë uit. En hy
maak dat die aarde en dié wat
daarop woon, die eerste wilde
dier aanbid, waarvan die dode-
like wond genees het.[e] **13** En
hy doen groot tekens,[f] sodat
hy selfs vuur uit die hemel na
die aarde laat neerdaal ten aan-
skoue van die mense.

**14** En hy mislei dié wat op
die aarde woon weens die te-
kens wat aan hom gegee is om
voor die oë van die wilde dier te
doen, terwyl hy vir dié wat op
die aarde woon, sê om ’n beeld[g]
te maak vir die wilde dier wat
die swaardwond gehad[h] en tog
herlewe het. **15** En aan hom
is dit gegee om asem aan die
beeld van die wilde dier te gee,
sodat die beeld van die wilde
dier sou praat sowel as ver-
oorsaak dat almal doodgemaak
word wat die beeld van die wil-
de dier geensins aanbid nie.[i]

**16** En hy oefen dwang op al-
mal uit,[j] klein en groot, en die
rykes en die armes, en die vryes
en die slawe, dat hulle ’n merk
op hulle regterhand of op hul-
le voorkop gegee moet word,[k]
**17** en dat niemand sal kan koop
of verkoop nie, behalwe iemand
wat die merk het, die naam[l] van
die wilde dier of die getal van
sy naam.[m] **18** Hiér is dit ’n
kwessie van wysheid: Laat die
een wat intelligensie het, die ge-
tal van die wilde dier bereken,
want dit is ’n mens se[n] getal; en
sy getal is seshonderd-ses-en-
sestig.[o]

**14** En ek het gesien, en kyk!
die Lam[p] het op die berg
Sion[q] gestaan, en saam met
hom honderd-vier-en-veertig-
duisend[a] met sy naam en die
naam van sy Vader[b] op hulle
voorkoppe geskrywe. **2** En ek
het ’n geluid uit die hemel ge-
hoor soos die geluid van baie
waters[c] en soos die geluid van
harde donder; en die geluid wat
ek gehoor het, was soos van
sangers wat hulleself op die
harp[d] begelei en op hulle har-
pe speel. **3** En hulle sing[e] as ’t
ware ’n nuwe lied[f] voor die
troon en voor die vier lewende
wesens[g] en die ouderlinge;[h] en
niemand kon daardie lied leer
nie, behalwe die honderd-vier-
en-veertigduisend,[i] wat van die
aarde gekoop is.[j] **4** Dit is hulle
wat hulle nie met vroue veront-
reinig het nie;[k] trouens, hulle
is maagde.[l] Dit is hulle wat die
Lam bly volg ongeag waar hy
gaan.[m] Hulle is uit die mensdom
gekoop[n] as eerstelinge[o] vir God
en vir die Lam, **5** en geen leu-
en is in hulle mond gevind nie;[p]
hulle is sonder smet.[q]

**6** En ek het ’n ander engel in
die middel van die hemel[r] sien
vlieg, en hy het ewige goeie
nuus[s] gehad om as blye tyding
bekend te maak aan dié wat op
die aarde woon, en aan elke na-
sie en stam en taal en volk,[t]
**7** en hy het met ’n harde stem
gesê: “VREES God[u] en gee hom
heerlikheid,[v] want die uur van
die oordeel deur hom het aange-
breek,[w] en aanbid dus die Een
wat die hemel en die aarde en
see en waterfonteine[x] gemaak
het.”[y]

**8** En ’n ander, ’n tweede en-
gel, het gevolg en gesê: “Sy het
geval! Babilon[z] die Grote het ge-
val,[a] sy wat al die nasies van
die wyn[b] van die toorn van haar
hoerery[c] laat drink het!”

**HFST. 13**
a Da 7:8; Op 16:13; Op 19:20
b Op 12:16
c Da 7:8; Op 16:13; Op 20:2
d Op 13:1
e Op 13:3
f De 13:1; Mt 24:24
g Eks 20:4; Op 19:20; Op 20:4
h Op 13:3
i De 29:17; 1Kn 11:5; Da 3:6; Mt 24:15
j Jer 39:10; Jer 52:16
k Op 14:9; Op 16:2; Op 19:20
l Op 14:11
m Op 15:2
n Pr 7:20; Ro 3:23
o 1Kr 20:6; Da 3:1

**HFST. 14**
p Joh 1:29; Op 5:6; Op 22:3
q Ps 2:6; Heb 12:22; 1Pe 2:6

**Tweede kol.**
a Op 7:4
b Op 3:12
c Op 1:15
d 2Kr 5:12; Op 5:8
e 1Kr 6:31
f Ps 33:3; Ps 98:1; Ps 149:1; Op 5:9
g Op 4:6
h Op 4:4; Op 19:4
i Op 7:4; Op 14:1
j 1Ko 6:20
k Jak 1:27
l 2Ko 11:2; Jak 4:4
m 1Pe 2:21
n 1Ko 7:23; Op 5:9
o Eks 23:16; Le 23:15; Jak 1:18
p Spr 14:5; Op 21:27
q Ef 5:27; Jud 24
r De 4:11; Op 8:13; Op 19:17
s Mt 24:14; Mr 13:10
t Han 1:8; Kol 1:23
u Spr 8:13; Mt 10:28

v Ps 19:1; Ro 11:36; Jud 25; Op 4:9; w 1Pe 4:17; 2Pe 2:9; x Han 14:15; y Eks 20:11; Ps 124:8; Ps 146:6; z Op 17:18; Op 18:2; a Jes 21:9; Jer 51:8; Op 18:21; b Jer 51:7; c Op 17:2; Op 18:3.

**9** En ’n ander engel, ’n derde, het hulle gevolg en met ’n harde stem gesê: “As iemand die wilde dier[a] en sy beeld aanbid[b] en ’n merk op sy voorkop of op sy hand ontvang,[c] **10** sal hy ook van die wyn van die toorn van God drink wat onverdun in die beker van sy gramskap ingeskink is,[d] en hy sal ten aanskoue van die heilige engele en ten aanskoue van die Lam met vuur en swael[e] gepynig word.[f] **11** En die rook van hulle pyniging styg vir ewig en altyd op,[g] en hulle het dag en nag geen rus nie, dié wat die wilde dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk[h] van sy naam ontvang. **12** Hiér beteken dit volharding vir die heiliges,[i] dié wat die gebooie van God[j] en die geloof[k] van Jesus bewaar.”

**13** En ek het ’n stem uit die hemel hoor sê: “Skryf: Gelukkig is die dooies[l] wat van nou af[m] in eenheid met die Here sterf.[n] Ja, sê die gees, laat hulle van hulle arbeid rus, want die dinge wat hulle gedoen het, gaan met hulle saam.”

**14** En ek het gesien, en kyk! ’n wit wolk, en op die wolk het iemand soos ’n seun van die mens[o] gesit, met ’n goue kroon[p] op sy kop en ’n skerp sekel in sy hand.

**15** En ’n ander engel het uit die tempelheiligdom te voorskyn gekom en met ’n harde stem geroep na die een wat op die wolk sit: “Steek u sekel in en maai,[q] omdat die uur gekom het om te maai, want die oes[r] van die aarde is heeltemal ryp.”[s] **16** En die een wat op die wolk sit, het sy sekel op die aarde ingesteek, en die aarde is gemaai.

**17** En nog ’n ander engel het uit die tempelheiligdom wat in die hemel is,[t] te voorskyn gekom, en hy het ook ’n skerp sekel gehad.

**18** En nog ’n ander engel het uit die altaar te voorskyn gekom, en hy het gesag oor die vuur gehad.[a] En hy het met ’n harde stem uitgeroep na die een wat die skerp sekel gehad het en gesê: “Steek jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in,[b] want sy druiwe het ryp geword.” **19** En die engel[c] het sy sekel in die aarde ingesteek en die wingerdstok[d] van die aarde geoes, en hy het dit in die groot wynpers van die toorn van God geslinger.[e] **20** En die wynpers is buitekant die stad getrap,[f] en bloed het uit die wynpers uitgekom tot aan die tooms van die perde,[g] vir ’n afstand van duisend-seshonderd stadie.[h]

**15** En ek het in die hemel ’n ander teken gesien,[i] groot en wonderbaar: sewe engele[j] met sewe plae.[k] Dit is die laastes, want deur middel daarvan word die toorn[l] van God tot ’n einde gebring.[m]

**2** En ek het iets gesien wat soos ’n glasagtige see[n] gemeng met vuur lyk, en dié wat oor die wilde dier en oor sy beeld[o] en oor die getal[p] van sy naam seëvier[q] en by die glasagtige see staan,[r] met harpe[s] van God. **3** En hulle sing die lied van Moses,[t] die slaaf van God, en die lied van die Lam[u] en sê:

“Groot en wonderbaar is u werke,[v] Jehovah God, die Almagtige.[w] Regverdig en waaragtig is u weë,[x] Koning van die ewigheid.[y] **4** Wie sal u nie werklik vrees nie,[z] Jehovah,[a] en u naam nie verheerlik nie,[b] want u alleen is lojaal?[c] Want al die nasies sal kom en voor

**HFST. 14**

a Op 13:1
b Op 13:15
c Op 13:16
d Ps 75:8; Op 11:18; Op 16:19
e Op 21:8
f Op 20:10
g Mt 25:46; 2Te 1:9; Op 19:3
h Op 13:16; Op 16:2; Op 20:4
i Op 13:10
j Pr 12:13; Op 1:3
k Heb 10:38
l Kol 3:3
m 1Te 4:16
n Ro 6:3; 1Ko 15:51
o Da 7:13; Mt 25:31; Han 1:11; Op 1:7
p Ps 21:3; Op 6:2
q Mr 4:29
r Mt 13:39
s Jl 3:13
t Op 11:19

**Tweede kol.**

a Op 20:9
b De 32:32
c Mt 13:39; Op 9:11
d Jer 12:10
e Op 19:15
f Heb 13:12; Op 22:15
g Spr 21:31
h Jer 25:33

**HFST. 15**

i Op 1:1
j Op 16:1
k Le 26:21
l Ps 7:11
m Op 16:17
n 1Kn 7:23; 1Kn 7:39
o Op 13:15
p Op 13:18
q Op 2:7
r Op 4:6
s Op 5:8
t Eks 15:1; De 31:30; Heb 3:5
u Joh 1:29; Han 3:22; Heb 2:12
v Eks 15:11; Ps 92:5; Ps 111:2; Ps 139:14
w Eks 6:3; Op 19:6
x De 32:4; Ps 145:17
y Jer 10:10; 1Ti 1:17
z Jer 10:7
a Ps 22:23; Ps 33:8

**b** Ps 86:12; Joh 12:28; **c** Jer 3:12.

u aanbid,[a] omdat u regverdige
verordeninge openbaar gemaak
is."[b]

5 En ná hierdie dinge het
ek gesien, en die heiligdom
van die tent[c] van die getuie-
nis[d] is in die hemel oopgemaak,[e]
6 en die sewe engele[f] met die
sewe plae[g] het uit die heiligdom
te voorskyn gekom, geklee in
skoon, blink linne[h] en om hulle
bors omgord met goue gordels.
7 En een van die vier lewende
wesens[i] het vir die sewe engele
sewe goue bakke gegee, wat vol
was van die toorn van God,[j] wat
vir ewig en altyd lewe.[k] 8 En
die heiligdom het vol rook ge-
word weens die heerlikheid van
God[l] en weens sy krag, en nie-
mand kon in die heiligdom in-
gaan totdat die sewe plae[m] van
die sewe engele voleindig was
nie.

**16** En ek het 'n harde stem[n]
uit die heiligdom vir die
sewe engele hoor sê: "Gaan gooi
die sewe bakke van die toorn[o]
van God op die aarde uit."

2 En die eerste[p] het wegge-
gaan en sy bak op die aarde
uitgegooi.[q] En 'n skadelike en
kwaadaardige sweer[r] het aan
die mense gekom wat die merk
van die wilde dier gehad[s] en wat
sy beeld aanbid het.[t]

3 En die tweede[u] het sy bak
in die see[v] uitgegooi. En dit
het bloed geword[w] soos van 'n
dooie, en elke lewende siel het
gesterf, ja, die dinge in die see.[x]

4 En die derde[y] het sy bak in
die riviere[z] en die waterfontei-
ne uitgegooi. En hulle het bloed
geword.[a] 5 En ek het die en-
gel wat oor die waters is, hoor
sê: "U, die Een wat is en wat
was,[b] die Een wat lojaal is,[c] is
regverdig, omdat u hierdie be-
slissings gegee het,[d] 6 want
hulle het die bloed van heili-
ges en van profete uitgestort,[a]
en u het vir hulle bloed gegee[b]
om te drink. Hulle verdien dit."[c]
7 En ek het die altaar hoor sê:
"Ja, Jehovah God, die Almag-
tige,[d] waaragtig en regverdig is
u regterlike beslissings."[e]

8 En die vierde[f] het sy bak
op die son uitgegooi; en aan die
son is dit gegee om die mense
met vuur te verskroei.[g] 9 En
die mense is met groot hitte
verskroei, maar hulle het die
naam[h] van God gelaster, wat
die gesag[i] oor hierdie plae het,
en hulle het nie berou getoon
om aan hom heerlikheid te gee
nie.[j]

10 En die vyfde het sy bak
op die troon van die wilde dier[k]
uitgegooi. En sy koninkryk het
verduisterd geword,[l] en hulle
het hulle tonge begin kou van
die pyn, 11 maar hulle het die
God van die hemel gelaster[m]
weens hulle pyne en weens hul-
le swere, en hulle het nie berou
gehad oor hulle werke nie.

12 En die sesde[n] het sy bak
op die groot rivier, die Eufraat,[o]
uitgegooi, en sy water is opge-
droog,[p] sodat die weg vir die ko-
nings[q] wat van die sonsopgang
af kom, berei kon word.

13 En ek het drie onrein ge-
inspireerde uitinge[r] wat soos
paddas[s] gelyk het, uit die bek
van die draak[t] en uit die bek
van die wilde dier[u] en uit die
mond van die valse profeet[v]
sien kom. 14 Hulle is in werk-
likheid uitinge wat deur de-
mone geïnspireer is[w] en doen
tekens,[x] en hulle gaan uit na die
konings[y] van die hele bewoonde
aarde,[z] om hulle te versamel vir
die oorlog[a] van die groot dag[b]
van God die Almagtige.[c]

**HFST. 15**
a Ps 86:9; Mal 1:11
b Jes 2:4
c Heb 8:2; Heb 9:11
d Han 7:44
e Op 11:19
f Op 8:2
g Op 15:1
h Da 10:5
i Op 19:4
j Ps 75:8; Jer 25:15; Op 14:10
k Ps 90:2; 1Ti 1:17
l Eks 40:34; 1Kn 8:11; Jes 6:4; Ese 44:4
m Le 26:21; Op 15:1

**HFST. 16**
n Jes 66:6; Op 16:17
o Ps 69:24; Sef 3:8
p Op 8:7
q Op 20:11
r Eks 9:10; De 28:35
s Op 13:16; Op 13:18
t Op 13:15; Op 19:20
u Op 8:8
v Op 17:15
w Eks 7:20
x Jes 57:20
y Op 8:10
z Ps 78:44
a Eks 7:20
b Eks 3:14; Op 1:4
c Ps 145:17; Jer 3:12; Op 15:4
d De 32:4; Ps 119:137

**Tweede kol.**
a Ge 9:5; Ps 79:3; Mt 23:35
b Jes 49:26
c Op 18:20
d Eks 6:3
e Ps 19:9; Ps 119:137; Op 19:2
f Op 8:12
g Jes 49:10
h Ps 83:18
i Ro 13:1
j Op 9:21; Op 14:7
k Op 13:1
l Eks 10:21; Jes 8:22; Ef 4:18
m Op 16:21
n Op 9:13
o Ps 137:1
p Jes 44:27; Jer 50:38
q Jes 44:28; Jer 51:57

r 1Jo 4:1; s Le 11:12; t Op 12:3; u Op 13:1; v Op 13:11; w 1Ti 4:1; x Op 13:13; y Ps 2:2; z Op 18:3; Op 18:9; a Ese 38:16; Op 19:19; b Jl 2:1; c Jes 13:6; Jer 25:33; Ese 30:3; Jl 1:15; Jl 2:11; Sef 1:15; 2Pe 3:12.

**15** “Kyk! Ek kom soos ’n
dief.[a] Gelukkig is die een wat
wakker bly[b] en sy boklere be-
waar, sodat hy nie naak sal loop
en mense sy skande sien nie.”[c]
**16** En hulle het hulle versa-
mel na die plek wat in Hebreeus
Har-Magedon genoem word.[d]
**17** En die sewende het sy bak
op die lug[e] uitgegooi. Hierop
het ’n harde stem[f] uit die heilig-
dom, van die troon af, gekom en
gesê: “Dit het geskied!” **18** En
daar het weerligstrale en stem-
me en donderslae gekom, en
’n groot aardbewing[g] het plaas-
gevind soos daar nie plaasge-
vind het sedert daar mense op
die aarde gekom het nie,[h] só
’n omvangryke aardbewing,[i] só
groot. **19** En die groot stad[j]
het in drie dele geskeur, en die
stede van die nasies het geval;
en Babilon die Grote[k] is voor die
aangesig van God in herinne-
ring gebring, om haar die beker
van die wyn van die toorn van
sy gramskap te gee.[l] **20** En
elke eiland het gevlug, en ber-
ge is nie gevind nie.[m] **21** En ’n
groot hael,[n] met elke steen om-
trent ’n talent swaar, het uit
die hemel op die mense geval,
en die mense het God gelaster[o]
weens die plaag van die hael,[p]
want die plaag daarvan was bui-
tengewoon groot.

**17** En een van die sewe en-
gele wat die sewe bakke
gehad het,[q] het gekom en met
my gepraat en gesê: “Kom, ek
sal jou die oordeel wys oor die
groot hoer[r] wat op baie waters
sit,[s] **2** met wie die konings
van die aarde hoerery gepleeg
het,[t] terwyl dié wat die aarde
bewoon, dronk gemaak is met
die wyn van haar hoerery.”[u]
**3** En hy het my in die krag
van die gees[v] na ’n wildernis
weggevoer. En ek het ’n vrou op
’n skarlakenkleurige wilde dier[a]
sien sit, wat vol lasterlike name
was[b] en wat sewe koppe[c] en tien
horings gehad het. **4** En die
vrou was geklee in purper[d] en
skarlaken[e] en was versier met
goud en edelstene en pêrels[f] en
het in haar hand ’n goue beker[g]
gehad wat vol walglike dinge[h]
en die onrein dinge van haar
hoerery was.[i] **5** En op haar
voorkop was ’n naam geskrywe,
’n verborgenheid:[j] “Babilon die
Grote, die moeder van die hoe-
re[k] en van die walglike dinge
van die aarde.”[l] **6** En ek het
gesien dat die vrou dronk was
van die bloed[m] van die heiliges
en van die bloed van die getuies
van Jesus.[n]
Wel, toe ek haar sien, het ek
my verwonder met groot ver-
wondering.[o] **7** Daarop het die
engel vir my gesê: “Waarom het
jy jou verwonder? Ek sal jou
die verborgenheid vertel van
die vrou[p] en van die wilde dier
wat haar dra en wat die sewe
koppe en die tien horings het:[q]
**8** Die wilde dier wat jy gesien
het, was,[r] maar is nie, en staan
tog op die punt om uit die af-
grond op te kom,[s] en hy moet
in die vernietiging weggaan. En
wanneer dié wat op die aarde
woon, sien hoe die wilde dier
was, maar nie is nie, en tog
teenwoordig sal wees, sal hulle
hulle met bewondering verbaas,
maar hulle name is van die
grondlegging van die wêreld af[t]
nie in die boekrol van die lewe
geskryf nie.[u]
**9** “Hiér is dit ’n kwessie van
die intelligensie wat wysheid
het:[v] Die sewe koppe[w] beteken
sewe berge,[x] waarop die vrou
sit. **10** En daar is sewe ko-
nings: vyf het geval,[y] een is,[z]

**HFST. 16**
a 1Te 5:2; 2Pe 3:10
b Lu 21:36
c Op 3:18
d 2Kr 35:22; Sag 12:11; Op 19:19
e Ef 2:2; Ef 6:12
f Jes 66:6; Op 16:1
g Ese 38:19
h Da 12:1
i Heb 12:26
j Op 17:18
k Op 18:2
l Jer 25:15; Op 15:7
m Op 6:14
n Job 38:22; Job 38:23; Jes 28:2
o Op 16:9
p Eks 9:24; Op 11:19

**HFST. 17**
q Op 16:1
r 1Ko 6:15; Jak 4:4
s Jes 57:20; Jer 51:13; Op 17:15; Op 19:2
t Jes 47:5; Jak 4:4; Op 18:9
u Jer 51:7; Op 14:8; Op 18:3
v Ese 37:1; Op 1:10

**Tweede kol.**
a Op 13:15
b Mr 3:29
c Op 17:9
d Da 5:29; Lu 16:19
e Mt 27:28
f Op 18:12; Op 18:19
g Jer 51:7
h De 29:17; Jes 66:3
i Ro 1:24
j 2Te 2:7
k Op 19:2
l Ese 22:2; Op 18:5
m Op 18:24; Op 19:2
n Op 6:9
o Ese 28:19
p Op 17:5
q Op 17:3
r Op 13:15
s Op 20:1
t Op 13:8
u Eks 32:32; Ps 69:28; Flp 4:3
v Mt 24:15; Jak 3:17
w Op 17:7
x Jer 51:25

y Jer 46:2; Jer 51:11; Da 8:20; Da 8:21; Sef 2:13; z Joh 19:15.

die ander een het nog nie ge-
kom nie,[a] maar wanneer hy
wel kom, moet hy ’n kort tyd-
jie bly.[b] **11** En die wilde dier
wat was, maar nie is nie,[c] hy is
ook self ’n agtste koning, maar
spruit uit die sewe voort, en hy
gaan in die vernietiging weg.

**12** “En die tien horings wat
jy gesien het, beteken tien ko-
nings,[d] wat nog nie ’n konink-
ryk ontvang het nie, maar hul-
le ontvang een uur lank gesag
as konings saam met die wil-
de dier. **13** Hulle het een ge-
dagte, en daarom gee hulle hul-
le mag en gesag aan die wilde
dier.[e] **14** Hulle sal teen die
Lam veg,[f] maar die Lam sal hul-
le oorwin[g] omdat hy Here van
die here en Koning van die ko-
nings is.[h] Ook sal die geroe-
penes en uitverkorenes en ge-
troues wat saam met hom is,
oorwin.”[i]

**15** En hy sê vir my: “Die wa-
ters wat jy gesien het, waar die
hoer sit, beteken volke en me-
nigtes en nasies en tale.[j]
**16** En die tien horings[k] wat jy
gesien het, en die wilde dier,[l]
hulle sal die hoer haat[m] en sal
haar verwoes en naak maak, en
hulle sal haar vlesige dele op-
eet en haar heeltemal met vuur
verbrand.[n] **17** Want God het
dit in hulle harte gesit om sy ge-
dagte uit te voer,[o] ja, om hul-
le een gedagte uit te voer deur
hulle koninkryk aan die wilde
dier te gee,[p] totdat die woor-
de van God volbring sal wees.[q]
**18** En die vrou[r] wat jy gesien
het, beteken die groot stad wat
’n koninkryk oor die konings
van die aarde het.”[s]

**18** Ná hierdie dinge het ek ’n
ander engel uit die hemel
sien neerdaal, met groot gesag;[t]
en die aarde is deur sy heerlik-
heid verlig.[u] **2** En hy het met
’n sterk stem uitgeroep[a] en ge-
sê: “Sy het geval! Babilon die
Grote het geval,[b] en sy het ’n
woonplek geword van demone
en ’n skuilplek van elke on-
rein uitwaseming[c] en ’n skuil-
plek van elke onrein en gehate
voël![d] **3** Want weens die wyn
van die toorn van haar hoerery
het al die nasies slagoffers ge-
word,[e] en die konings van die
aarde het met haar hoerery ge-
pleeg,[f] en die reisende koop-
manne[g] van die aarde het ryk
geword weens die mag van haar
skaamtelose weelde.”[h]

**4** En ek het ’n ander stem
uit die hemel hoor sê: “Gaan
uit haar uit, my volk,[i] as julle
nie met haar in haar sondes wil
deel nie,[j] en as julle geen deel
van haar plae wil ontvang nie.
**5** Want haar sondes het tot aan
die hemel opgehoop[k] en God het
haar ongeregtighede onthou.[l]
**6** Vergeld haar net soos sy self
vergeld het,[m] en doen aan haar
twee keer soveel, ja, twee keer
die aantal dinge wat sy gedoen
het;[n] sit in die beker[o] waar-
in sy ’n mengsel gesit het, vir
haar twee keer[p] soveel van die
mengsel.[q] **7** In die mate waar-
in sy haarself verheerlik en in
skaamtelose weelde gelewe het,
gee haar in dié mate pyniging
en verdriet.[r] Want in haar hart
bly sy sê: ‘Ek sit as koningin,[s]
en ek is geen weduwee nie,[t] en
ek sal nooit verdriet sien nie.’[u]
**8** Daarom sal haar plae[v] in een
dag kom: dood en verdriet en
hongersnood, en sy sal heelte-
mal met vuur verbrand word,[w]
want Jehovah God, wat haar ge-
oordeel het, is sterk.[x]

**9** “En die konings[y] van die
aarde wat hoerery met haar ge-
pleeg het en in skaamtelose

---

**HFST. 17**

a Da 8:23
b Op 13:11; Op 19:20
c Op 17:8
d Da 7:24
e Ps 2:2
f Joh 1:29; Op 5:6
g Op 19:15
h Mt 28:18; Han 2:36; 1Ti 6:15
i Ro 16:20
j Jes 57:20; Jer 51:13
k Da 7:24; Op 17:12
l Op 17:8
m Op 17:7
n Ge 38:24; Le 21:9; Op 18:8
o Jos 11:20; Spr 21:1; Jer 51:12
p Op 17:12
q Jes 55:11
r Op 17:5
s Jes 47:5

**HFST. 18**

t Op 12:10
u Mt 17:2; Op 1:16

**Tweede kol.**

a Jer 50:2
b Jes 21:9; Jer 51:8; Op 14:8
c Ps 39:5
d Jes 13:21; Jer 50:39; Jer 51:37
e Jer 51:7
f Jes 47:5; Op 17:2
g Jes 23:8
h Spr 19:10; Jes 47:1
i Jes 48:20; Jes 52:11; Jer 50:8; Jer 51:45; Sag 2:7
j Jer 51:6; 2Ko 6:17
k Jer 51:9; 1Ti 5:24
l Jer 51:49; Jer 51:56; Op 16:19
m 2Te 1:6
n Ps 137:8; Jer 50:15; Jer 51:24
o Ps 75:8; Jer 51:7; Op 16:19
p Jer 17:18; Jer 50:21
q Op 14:10
r Jer 50:29
s Op 17:15
t Jes 47:8
u Ps 10:6
v Jer 50:13

---

w Le 21:9; Jer 51:58; Heb 12:29; x Jer 50:34; y Jes 23:17.

weelde geleef het, sal huil en
hulleself in droefheid oor haar
slaan[a] wanneer hulle na die
rook[b] van haar verbranding
kyk, **10** terwyl hulle uit vrees
vir haar pyniging op ’n afstand
staan en sê:[c] ‘Hoe jammer, hoe
jammer, o groot stad,[d] Babilon,
die sterk stad, want in een uur
het jou oordeel gekom!’[e]

**11** “Ook huil en treur die rei-
sende koopmanne[f] van die aar-
de oor haar,[g] omdat daar nie-
mand meer is om hulle volle
voorraad te koop nie, **12** ’n
volle voorraad[h] goud en sil-
wer en edelstene en pêrels en
fyn linne en purper en sy en
skarlaken; en alles van geurige
hout en allerhande ivoorvoor-
werpe en allerhande voorwerpe
van baie kosbare hout en van
koper en van yster en van mar-
mer;[i] **13** ook kaneel en Indie-
se speserye en reukwerk en wel-
riekende olie en wierook en wyn
en olyfolie en fynmeel en koring
en beeste en skape en perde en
koetse en slawe en mensesie-
le.[j] **14** Ja, die goeie vrug wat
jou siel begeer het,[k] het van jou
gewyk, en al die keurige dinge
en die skitterende dinge het
vir jou verlore gegaan, en nooit
weer sal mense dit vind nie.[l]

**15** “Die reisende koopman-
ne[m] van hierdie dinge, wat van
haar ryk geword het, sal uit
vrees vir haar pyniging op ’n af-
stand staan en sal huil en treur[n]
**16** en sê: ‘Hoe jammer, hoe jam-
mer—die groot stad,[o] geklee in
fyn linne en purper en skarla-
ken, en ryklik versier met goue
sierade en edelstene en pêrels,[p]
**17** want in een uur is sulke
groot rykdom verwoes!’[q]

“En elke skeepskaptein en
elkeen wat êrens heen vaar,[r]
en matrose en almal wat ’n be-
staan uit die see maak, het op
’n afstand gestaan[s] **18** en uit-
geroep terwyl hulle na die rook
van haar verbranding gekyk en
gesê het: ‘Watter stad is soos
die groot stad?’[a] **19** En hul-
le het stof op hulle koppe ge-
gooi[b] en het met ’n gehuil en
’n getreur uitgeroep[c] en gesê:
‘Hoe jammer, hoe jammer—die
groot stad, waarin almal wat
bote op see het,[d] ryk geword
het[e] weens haar weelde, want in
een uur is sy verwoes!’[f]

**20** “Wees bly oor haar, o he-
mel,[g] ook julle, heiliges[h] en
apostels[i] en profete, omdat God
vir julle geregtelike straf aan
haar voltrek het!”[j]

**21** En ’n sterk engel het ’n
klip soos ’n groot meulsteen op-
getel[k] en dit in die see geslin-
ger[l] en gesê: “So sal Babilon, die
groot stad, met ’n vaart neer-
geslinger word, en sy sal nooit
weer gevind word nie.[m] **22** En
die geluid van sangers wat hul-
leself op die harp begelei en
van musikante en van fluitspe-
lers en van trompetblasers sal
nooit weer in jou gehoor word
nie,[n] en geen vakman van eni-
ge ambag sal ooit weer in jou
gevind word nie, en geen geluid
van ’n meulsteen sal ooit weer
in jou gehoor word nie, **23** en
geen lig van ’n lamp sal ooit
weer in jou skyn nie, en geen
stem van ’n bruidegom en van
’n bruid sal ooit weer in jou ge-
hoor word nie;[o] want jou reisen-
de koopmanne[p] was die hoog-
geplaastes[q] van die aarde, want
deur jou spiritistiese[r] gebruike
is al die nasies mislei. **24** Ja, in
haar is die bloed[s] van profete[t]
en van heiliges[u] gevind, en van
almal wat op die aarde doodge-
maak is.”[v]

**19** Ná hierdie dinge het ek
iets gehoor wat soos ’n
harde stem van ’n groot menig-
te in die hemel was.[w] Hulle het

**HFST. 18**
a Jer 50:46; Ese 27:35
b Op 18:18
c Ese 26:17
d Da 4:30
e Jer 51:8
f Ese 27:36
g Ese 27:30
h Ese 27:12
i Ese 27:22
j Ese 27:13
k 1Ti 6:10
l Pr 5:10
m Ese 27:36
n Ese 27:30
o Ese 27:31
p Op 17:4
q Spr 11:4
r Jes 23:14
s Ese 27:27

**Tweede kol.**
a Ese 27:32
b 1Sa 4:12
c Ese 27:30
d Ese 27:9
e Ese 27:33
f Jes 47:11; Jer 51:55
g Jer 51:48; Op 12:12
h Op 14:12
i 1Ko 4:9
j De 32:43; Ro 12:19; Op 6:10; Op 19:2
k Mt 18:6
l Jer 51:63
m Jer 51:64; Ese 26:21
n Jes 24:8; Ese 26:13
o Jer 25:10
p Jes 23:8
q Mr 6:21
r Jes 47:9; Ga 5:20; Op 9:21
s Op 6:10
t Mt 23:37
u Op 16:6
v Ge 9:6; Jer 51:49

**HFST. 19**
w Da 7:10

gesê: “LOOF Jah![a] Die redding[b]
en die heerlikheid en die mag
behoort aan ons God,[c] 2 want
sy oordele is waaragtig en reg-
verdig.[d] Want hy het oordeel
voltrek aan die groot hoer wat
die aarde met haar hoerery ver-
derf het, en hy het die bloed
van sy slawe op haar hand
gewreek.”[e] 3 En dadelik het
hulle vir die tweede keer gesê:
“LOOF Jah![f] En die rook wat van
haar kom, bly vir ewig en altyd
opstyg.”[g]

4 En die vier-en-twintig ou-
derlinge[h] en die vier lewende
wesens[i] het neergeval en God
aanbid wat op die troon sit[j] en
gesê: “Amen! LOOF Jah!”[k]

5 En ’n stem het uit die
troon uitgegaan en gesê: “Loof
ons God, al sy slawe[l] wat hom
vrees, klein en groot.”[m]

6 En ek het iets gehoor wat
soos ’n stem van ’n groot me-
nigte was en soos ’n geluid
van baie waters en soos ’n ge-
luid van swaar donderslae. Hul-
le het gesê: “LOOF Jah,[n] want Je-
hovah ons God, die Almagtige,[o]
het as koning begin heers.[p]
7 Laat ons bly wees en oor-
loop van vreugde, en laat ons
hom die heerlikheid gee,[q] want
die huwelik[r] van die Lam het
gekom[s] en sy vrou het haar ge-
reedgemaak.[t] 8 Ja, aan haar
is dit gegee om geklee te wees
in blink, skoon, fyn linne, want
die fyn linne beeld die regverdi-
ge dade van die heiliges af.”[u]

9 En hy sê vir my: “Skryf:
Gelukkig is dié wat na die aand-
maal van die Lam se huwelik[v]
genooi is.”[w] Ook sê hy vir my:
“Dit is die waaragtige woor-
de van God.”[x] 10 Daarop het
ek voor sy voete neergeval om
hom te aanbid.[y] Maar hy sê vir
my: “Pas op! Moet dit nie doen
nie![z] Ek is maar net ’n mede-
slaaf van jou en van jou broers
wat die werk het om van Jesus
te getuig.[a] Aanbid God;[b] want
dit is die aflegging van getuie-
nis omtrent Jesus wat profesie
inspireer.”[c]

11 En ek het die hemel ge-
opend gesien, en kyk! ’n wit
perd.[d] En die een wat daar-
op sit, word Getrou[e] en Waar-
agtig[f] genoem, en hy oordeel en
voer oorlog in regverdigheid.[g]
12 Sy oë is ’n vuurvlam,[h] en op
sy kop is baie krone.[i] Hy het ’n
naam[j] wat geskryf is wat nie-
mand behalwe hy self ken nie,
13 en hy is geklee in ’n bo-
kleed wat met bloed besprinkel
is,[k] en sy naam is: Die Woord[l]
van God. 14 Ook het die leërs
wat in die hemel was, hom op
wit perde gevolg, en hulle was
geklee in wit, skoon, fyn lin-
ne. 15 En uit sy mond kom ’n
skerp lang swaard[m] om die na-
sies mee te slaan, en hy sal met
’n ysterstaf[n] as herder teenoor
hulle optree. Hy trap ook die
wynpers[o] van die toorn van die
gramskap van God[p] die Almag-
tige. 16 En op sy bokleed, ja,
op sy dy, het hy ’n naam wat
geskryf is: Koning van die ko-
nings en Here van die here.[q]

17 Ek het ook ’n engel in die
son sien staan, en hy het met
’n harde stem uitgeroep en vir
al die voëls[r] wat in die mid-
del van die hemel vlieg, gesê:
“Kom hier, kom bymekaar vir
die groot aandmaal van God,
18 sodat julle die vlesige[s] dele
van konings en die vlesige dele
van militêre bevelvoerders en
die vlesige dele van sterk man-
ne[t] en die vlesige dele van per-
de[u] en van dié wat op hulle sit,
en die vlesige dele van almal,

**HFST. 19**
a Ps 150:6
b Op 12:10
c Op 7:12
d De 32:4; Ps 19:9; 1Pe 1:17; Op 15:3
e De 32:43; 2Kn 9:7; Ps 79:10; Op 18:20; Op 18:24
f Ps 117:1
g Jes 34:10
h Op 4:4
i Op 4:6
j 1Kn 22:19; Jes 6:1
k Ps 106:48
l Ps 134:1; Ps 135:1
m Ps 115:13
n Ps 113:1
o Eks 6:3
p Ps 97:1; Jes 52:7; Da 7:9; Op 11:15
q Op 7:12
r Mt 25:10; Op 19:9
s 1Te 4:16
t 2Ko 11:2
u Jes 61:10; Ef 5:27; Op 14:4
v Lu 14:15
w Mt 22:3; Lu 14:17
x Joh 3:34; Joh 8:47
y Op 22:8
z Han 10:26; Op 22:9

**Tweede kol.**
a Mt 28:19; Han 1:8
b Mt 4:10; Joh 4:23
c Lu 24:27; Han 2:17; Han 10:43; 1Pe 1:11
d Job 39:25; Spr 21:31; Jer 8:6; Op 6:2
e Heb 3:6; Op 1:5
f Joh 1:14; Op 3:14
g Jes 11:4; Heb 1:8; Heb 1:9
h Op 1:14; Op 2:18
i Op 19:16
j Op 2:17
k Heb 12:24; 1Pe 1:2
l Joh 1:1; 1Jo 1:1
m 2Te 2:8; Op 1:16
n Ps 2:9; Op 2:27; Op 12:5
o Jer 25:30; Jl 3:13; Op 14:20

**p** Op 14:19; **q** Mt 28:18; Flp 2:10; 1Ti 6:15; Op 17:14; **r** 1Sa 17:46; Ese 39:4; Ese 39:17; **s** Ese 39:17; **t** Ese 39:18; **u** Ese 39:20.

van vrygeborenes sowel as van
slawe en van klein en groot,
kan eet."

**19** En ek het die wilde dier[a]
en die konings[b] van die aarde
en hulle leërs versamel gesien
om die oorlog te voer[c] teen die
een wat op die perd sit[d] en teen
sy leër. **20** En die wilde dier[e]
is gevang, en saam met hom die
valse profeet[f] wat voor hom die
tekens gedoen het[g] waarmee hy
dié mislei het wat die merk[h]
van die wilde dier ontvang het
en dié wat sy beeld aanbid.[i] Hul-
le is albei lewend in die vuur-
poel geslinger wat met swael
brand.[j] **21** Maar die res is ge-
dood met die lang swaard wat
uitgaan uit die mond[k] van die
een wat op die perd sit.[l] En al
die voëls[m] het versadig geword[n]
met hulle vlesige dele.[o]

**20** En ek het 'n engel uit
die hemel sien neerdaal
met die sleutel van die afgrond[p]
en 'n groot ketting in sy hand.
**2** En hy het die draak gegryp,[q]
die oorspronklike slang,[r] wat
die Duiwel[s] en Satan is,[t] en hom
vir duisend jaar gebind. **3** En
hy het hom in die afgrond ge-
slinger[u] en dit gesluit en dit bo
hom verseël, sodat hy die nasies
nie meer sou mislei totdat die
duisend jaar geëindig het nie.
Ná hierdie dinge moet hy vir 'n
klein rukkie losgelaat word.[v]

**4** En ek het trone gesien,[w]
en daar was dié wat daarop
gaan sit het, en hulle is mag ge-
gee om te oordeel.[x] Ja, ek het
die siele gesien van dié wat met
die byl tereggestel is weens die
getuienis wat hulle van Jesus
afgelê het en omdat hulle oor
God gepraat het, en dié wat nie
die wilde dier[y] of sy beeld aan-
bid het nie[z] en wat nie die merk
op hulle voorkop en op hulle
hand ontvang het nie.[a] En hul-
le het lewend geword en dui-
send jaar lank saam met die
Christus as konings geheers.[b]
**5** (Die res van die dooies[c] het
nie lewend geword totdat die
duisend jaar geëindig het nie.)[d]
Dit is die eerste opstanding.[e]
**6** Gelukkig[f] en heilig[g] is enig-
een wat deel het aan die eer-
ste opstanding; oor hulle het
die tweede dood[h] geen gesag
nie,[i] maar hulle sal priesters[j]
van God en van die Christus
wees en sal die duisend jaar
lank saam met hom as konings
heers.[k]

**7** En sodra die duisend jaar
geëindig het, sal Satan uit sy
gevangenis losgelaat word,
**8** en hy sal uitgaan om daardie
nasies te mislei wat in die vier
hoeke van die aarde is, Gog en
Magog, om hulle vir die oorlog
te versamel. Hulle getal is soos
die sand van die see.[l] **9** En
hulle het oor die breedte van
die aarde opgetrek en die kamp
van die heiliges[m] en die gelief-
de stad[n] omsingel. Maar vuur
het uit die hemel neergedaal en
hulle verteer.[o] **10** En die Dui-
wel,[p] wat hulle mislei het, is in
die poel van vuur en swael ge-
slinger, waar die wilde dier[q] so-
wel as die valse profeet reeds
was;[r] en hulle sal dag en nag ge-
pynig word vir ewig en altyd.

**11** En ek het 'n groot wit
troon gesien en die een wat
daarop sit.[s] Die aarde en die he-
mel het voor hom weggevlug,[t]
en geen plek is vir hulle gevind
nie. **12** En ek het die dooies,
groot en klein,[u] voor die troon
sien staan, en boekrolle is oop-
gemaak. Maar 'n ander boekrol
is oopgemaak; dit is die boek-
rol van die lewe.[v] En die dooi-

**HFST. 19**
a Op 13:1
b Op 16:14; Op 17:12
c Ese 38:16; Op 16:16
d Ps 2:2
e Op 13:18
f Op 13:11; Op 16:13
g Op 13:13
h Op 13:16
i Op 13:15
j Mt 10:28; 2Pe 2:6; Jud 7; Op 20:14
k Op 2:16
l Op 6:2
m Ese 39:4; Op 19:17
n Ese 39:20
o Ese 39:17

**HFST. 20**
p Op 9:1
q Op 12:3
r Ge 3:1
s Joh 8:44
t Sag 3:1; Op 12:9
u Op 9:11
v Op 20:7
w Lu 22:30
x Mt 19:28; Lu 22:30; 1Ko 6:2
y Op 13:12
z Op 13:15

**Tweede kol.**
a Op 13:16
b 2Ti 2:12; Op 1:6
c Joh 5:28; Han 24:15; Ef 2:1
d Mt 25:46; Op 20:13
e 1Ko 15:23; 1Ko 15:52; Flp 3:11; 1Te 4:16
f Op 14:13; Op 22:7
g Op 13:10
h Mt 10:28; Op 2:11; Op 20:14
i 1Ko 15:54
j 1Pe 2:9; Op 1:6
k Op 5:10
l Ese 38:15
m Ese 48:35; Op 21:3
n Heb 12:22; Op 21:2
o 2Kn 1:10; Ese 38:22
p Op 12:9
q Op 13:1
r Op 19:20
s Heb 12:23; Op 4:2
t 2Pe 3:7
u Han 24:15; Op 11:18

v Eks 32:33; Ps 69:28; Da 12:1.

es is geoordeel na dié dinge
wat in die boekrolle geskry-
we staan, volgens hulle dade.[a]
**13** En die see het die dooies
daarin gegee,[b] en die dood en
Ha′des het die dooies in hul-
le gegee, en elkeen van hulle is
volgens hulle dade geoordeel.[c]
**14** En die dood[d] en Ha′des is in
die poel van vuur geslinger. Dit
beteken die tweede dood,[e] die
poel van vuur.[f] **15** En as daar
gevind is dat iemand nie in die
boek van die lewe opgeskryf is
nie,[g] is hy in die poel van vuur
geslinger.[h]

**21** En ek het ’n nuwe hemel[i]
en ’n nuwe aarde[j] gesien;
want die vorige hemel[k] en die
vorige aarde[l] het verbygegaan,
en die see[m] is daar nie meer nie.
**2** Ek het ook die heilige stad,[n]
Nuwe Jerusalem, van God af uit
die hemel[o] sien neerdaal, toebe-
rei soos ’n bruid[p] wat vir haar
man versier is.[q] **3** Toe het ek
’n harde stem van die troon af
hoor sê: “Kyk! Die tent[r] van
God is by die mensdom, en hy
sal by hulle woon,[s] en hulle sal
sy volke wees.[t] En God self
sal by hulle wees.[u] **4** En hy
sal elke traan[v] van hulle oë af-
vee, en die dood sal daar nie
meer wees nie,[w] en ook verdriet
en angsgeroep en pyn sal daar
nie meer wees nie.[x] Die vorige
dinge het verbygegaan.”[y]

**5** En die Een wat op die
troon sit,[z] het gesê: “Kyk! Ek
maak alles nuut.”[a] Ook sê hy:
“Skryf, want hierdie woorde
is betroubaar en waaragtig.”
**6** En hy het vir my gesê: “Dit
het geskied! Ek is die Alfa en
die Ome′ga, die begin en die ein-
de.[b] Aan elkeen wat dors is, sal
ek uit die fontein van die wa-
ter van die lewe gee, verniet.[c]
**7** Elkeen wat oorwin, sal hier-
die dinge beërf, en ek sal sy God
wees[a] en hy sal my seun wees.[b]
**8** Maar wat die lafaards be-
tref en dié sonder geloof[c] en
dié wat walglik is in hulle vuil-
heid[d] en moordenaars[e] en hoe-
reerders[f] en dié wat spiritisme
beoefen en afgodedienaars[g] en
al die leuenaars,[h] hulle deel sal
wees in die poel wat met vuur[i]
en swael[j] brand. Dit beteken
die tweede dood.”[k]

**9** En een van die sewe enge-
le wat die sewe bakke gehad het
wat vol was van die sewe laaste
plae,[l] het gekom, en hy het met
my gepraat en gesê: “Kom hier,
ek sal jou die bruid, die Lam
se vrou,[m] wys.” **10** Toe het hy
my in die krag van die gees na
’n groot en hoë berg[n] wegge-
voer, en hy het my die heilige
stad[o] Jerusalem gewys wat van
God af uit die hemel neerdaal[p]
**11** en die heerlikheid van God
het.[q] Die glans daarvan was
soos ’n baie kosbare steen, soos
’n jaspissteen wat kristalhelder
blink.[r] **12** Dit het ’n groot en
hoë muur[s] en twaalf poorte ge-
had, en by die poorte twaalf en-
gele, en name was daarop ge-
graveer, wat dié van die twaalf
stamme van die kinders van Is-
rael is.[t] **13** Aan die oostekant
was drie poorte, en aan die
noordekant drie poorte, en aan
die suidekant drie poorte, en
aan die westekant drie poorte.[u]
**14** Die muur van die stad het
ook twaalf fondamentstene[v] ge-
had en daarop die twaalf name
van die twaalf apostels[w] van
die Lam.

**15** En die een wat met my ge-
praat het, het ’n goue riet as
meetstok[x] gehad, sodat hy die

**HFST. 20**
a Joh 5:29
b Han 10:42
c Joh 5:29
d Jes 25:8, Ro 5:12, 1Ko 15:26
e Op 2:11, Op 20:6, Op 21:8
f Mt 5:22, Mt 18:9, Jak 3:6
g Op 17:8
h Spr 10:7, Op 21:8

**HFST. 21**
i Jes 65:17, 2Pe 3:13
j Jes 66:22
k 2Pe 3:10
l Op 20:11
m Jes 57:20, Op 17:15
n Jes 52:1
o Heb 12:22, Op 3:12
p Op 19:7
q Mt 9:15, Joh 3:29
r Ese 37:27
s Ps 15:1
t Jes 66:23
u Ese 43:7, Ese 48:35
v Jes 65:19, Op 7:17
w Jes 25:8, 1Ko 15:26
x Jes 35:10, Jes 65:19
y 2Pe 3:7
z 2Kr 18:18, Jes 6:1, Op 4:2
a Jes 42:9, Klg 5:21, Ese 36:26, 2Pe 3:13
b Op 1:8, Op 22:13
c Ps 36:9, Jes 55:1, Op 7:17, Op 22:1

**Tweede kol.**
a 1Ko 15:28, Op 3:12
b 2Sa 7:14
c Ro 11:20, Heb 3:19, 1Jo 5:10
d Ro 1:24, 1Ko 6:9
e 1Jo 3:15
f Ef 5:5
g Ga 5:20
h Joh 8:44, Han 5:3, 1Ti 1:10
i Mt 5:22, Mt 18:9, Jak 3:6
j Jes 30:33, Mt 10:28, Op 19:20

**k** Spr 10:7; Heb 10:26; Op 2:11; Op 20:6; **l** Le 26:21; Op 15:1; **m** Ps 45:9; Op 19:7; **n** Jes 2:2; Ese 40:2; Mi 4:1; **o** Jes 52:1; **p** Heb 12:22; Op 3:12; Op 21:2; **q** Jes 60:1; **r** Eks 24:10; **s** Jes 60:18; **t** Eks 28:21; Eks 39:14; **u** Op 22:14; **v** Heb 11:10; **w** Mt 10:2; Lu 6:13; Han 1:13; Ef 2:20; **x** Ese 40:3; Op 11:1.

stad en sy poorte en sy muur
kon meet.[a] **16** En die stad lê
vierkantig, en sy lengte is so
groot soos sy breedte. En hy
het die stad met die riet ge-
meet,[b] twaalfduisend stadie;
sy lengte en breedte en hoog-
te is gelyk. **17** Ook het hy sy
muur gemeet, honderd-vier-en-
veertig el, volgens ’n mens se
maat, terselfdertyd dié van ’n
engel. **18** En die boustof van
sy muur was jaspis,[c] en die stad
was suiwer goud soos helder
glas. **19** Die fondamente[d] van
die stad se muur was versier
met allerhande edelstene:[e] die
eerste fondament was jaspis,[f]
die tweede saffier,[g] die derde
kalsedoon, die vierde smarag,[h]
**20** die vyfde sardo′niks, die
sesde sardis, die sewende chri-
soliet,[i] die agtste beril′, die ne-
gende topaas,[j] die tiende chri-
sopraas, die elfde hiasint, die
twaalfde ametis.[k] **21** En die
twaalf poorte was twaalf pê-
rels; elkeen van die poorte was
uit een pêrel gemaak.[l] En die
breë straat van die stad was sui-
wer goud, soos deursigtige glas.

**22** En ek het nie ’n tempel
daarin gesien nie,[m] want Jeho-
vah[n] God, die Almagtige,[o] is sy
tempel,[p] ook die Lam.[q] **23** En
die stad het nie die son en ook
nie die maan nodig om daar-
op te skyn nie, want die heer-
likheid van God het dit ver-
lig,[r] en sy lamp was die Lam.[s]
**24** En die nasies sal deur mid-
del van die lig daarvan wandel,[t]
en die konings van die aarde sal
hulle heerlikheid daarin bring.[u]
**25** En sy poorte sal bedags glad
nie toegemaak word nie,[v] want
nag sal nie daar bestaan nie.[w]
**26** En hulle sal die heerlikheid
en die eer van die nasies daarin
bring.[x] **27** Maar enigiets wat
nie heilig is nie en enigeen wat
iets walgliks[a] en ’n leuen[b] be-
oefen, sal daar hoegenaamd nie
ingaan nie;[c] net dié wat in die
Lam se boekrol van die lewe ge-
skrywe staan.[d]

**22** En hy het my ’n rivier
van water van die lewe[e]
gewys, helder soos kristal, wat
uit die troon van God en van die
Lam uitvloei,[f] **2** al in die mid-
del van sy breë straat af. En aan
weerskante van die rivier was
daar bome[g] van die lewe wat
twaalf vrugteoeste voortbring,
wat elke maand hulle vrugte
oplewer.[h] En die blare van die
bome was vir die genesing van
die nasies.[i]

**3** En daar sal geen vervloe-
king meer wees nie.[j] Maar die
troon van God[k] en van die Lam[l]
sal in die stad wees, en sy sla-
we sal heilige diens aan hom
verrig;[m] **4** en hulle sal sy aan-
gesig sien,[n] en sy naam sal op
hulle voorkoppe wees.[o] **5** En
daar sal nie meer nag wees nie,[p]
en hulle het geen lamplig nodig
nie, en ook het hulle nie sonlig
nie, want Jehovah God sal hulle
verlig,[q] en hulle sal vir ewig en
altyd as konings heers.[r]

**6** En hy het vir my gesê:
“Hierdie woorde is betroubaar
en waaragtig;[s] ja, Jehovah, die
God van die geïnspireerde ui-
tinge[t] van die profete,[u] het sy
engel uitgestuur om vir sy sla-
we die dinge te toon wat bin-
nekort moet plaasvind.[v] **7** En
kyk! ek kom gou.[w] Gelukkig is
elkeen wat die woorde van die
profesie van hierdie boekrol be-
waar.”[x]

**8** Wel, ek, Johannes, was die
een wat hierdie dinge gehoor en
gesien het. En toe ek gehoor en
gesien het, het ek neergeval om

**HFST. 21**
a Ese 40:5
b Op 3:12
c Op 4:3; Op 21:11
d Jes 54:11
e Jes 54:12
f Eks 28:18; Ese 28:13
g Eks 39:11; Job 28:6
h Eks 28:17; Op 4:3
i Eks 28:20; Hgl 5:14; Ese 1:16; Da 10:6
j Eks 28:17; Eks 39:10; Job 28:19; Ese 28:13
k Eks 28:19; Eks 39:12
l Est 1:6; Job 28:18; Mt 13:46
m Han 7:49
n Ps 11:4
o Eks 6:3; Op 15:3
p Joh 4:23
q Ef 2:20
r Jes 60:19; Op 22:5
s Joh 1:9; Han 26:13; Heb 1:3
t Jes 60:3
u Ps 138:4
v Jes 60:11
w Jes 60:20
x Jes 60:5

**Tweede kol.**
a 1Ko 6:9; Ga 5:21
b Ps 5:6; Kol 3:9; Op 21:8
c Jes 52:1
d Da 12:1; Flp 4:3; Op 13:8

**HFST. 22**
e Ese 47:1
f Joh 1:29
g Op 2:7
h Ese 47:12
i Ese 47:12
j Sag 14:11
k Ps 9:7
l Op 3:21
m Ro 1:9
n Ps 17:15; Mt 5:8
o Op 14:1
p Op 21:25
q Jes 60:19; 1Jo 1:5
r Da 7:18; Op 3:21; Op 14:1
s Tit 1:2; Op 21:5
t 2Sa 23:2; 2Ti 3:16

u 1Sa 3:21; Jer 37:6; v Op 1:1; w Op 16:15; Op 22:20; x Joh 13:17; Op 1:3.

te aanbid[a] voor die voete van
die engel wat my hierdie dinge
getoon het. **9** Maar hy sê vir
my: "Pas op! Moet dit nie doen
nie! Ek is maar net 'n medeslaaf
van jou en van jou broers wat
profete[b] is en van dié wat die
woorde van hierdie boekrol be-
waar. Aanbid God."[c]

**10** Hy sê ook vir my: "Moe-
nie die woorde van die profe-
sie van hierdie boekrol ver-
seël nie, want die vasgestelde
tyd is naby.[d] **11** Wie onreg
doen, laat hom steeds onreg
doen;[e] en laat die vuile steeds
vuil gemaak word;[f] maar laat
die regverdige[g] steeds regver-
digheid doen, en laat die heilige
steeds heilig gemaak word.[h]

**12** "'Kyk! Ek kom gou,[i] en
die loon[j] wat ek gee, is by my,
om elkeen volgens sy werk te
vergeld.[k] **13** Ek is die Alfa en
die Ome′ga,[l] die eerste en die
laaste,[m] die begin en die einde.
**14** Gelukkig is dié wat hulle
klere was,[n] sodat hulle die reg
kan hê om na die bome van
die lewe[o] te gaan en sodat hulle
deur die poorte ingang tot die
stad kan verkry.[p] **15** Buite is
die honde[q] en dié wat spiritisme
beoefen[r] en die hoereerders[s] en
die moordenaars en die afgode-
dienaars en elkeen wat van 'n
leuen hou en dit beoefen.'[t]

**16** "'Ek, Jesus, het my en-
gel gestuur om aan julle te ge-
tuig van hierdie dinge vir die
gemeentes. Ek is die wortel[a] en
die nakomeling[b] van Dawid, en
die helder môrester.'"[c]

**17** En die gees[d] en die bruid[e]
hou aan om te sê: "Kom!" En
laat enigeen wat hoor, sê:
"Kom!"[f] En laat enigeen wat
dors is, kom;[g] laat enigeen wat
wil, die water van die lewe
neem, verniet.[h]

**18** "Ek getuig aan elkeen
wat die woorde van die profe-
sie van hierdie boekrol hoor: As
iemand 'n byvoeging[i] by hier-
die dinge maak, sal God
vir hom die plae[j] byvoeg wat
in hierdie boekrol geskrywe
staan; **19** en as iemand enig-
iets van die woorde van die
boekrol van hierdie profesie
wegneem, sal God sy deel weg-
neem van die bome van die
lewe[k] en uit die heilige stad,[l]
dinge waarvan in hierdie boek-
rol geskrywe staan.

**20** "Hy wat van hierdie dinge
getuig, sê: 'Ja; ek kom gou.'"[m]

"Amen! Kom, Here Jesus."

**21** Mag die onverdiende
goedhartigheid van die Here
Jesus Christus met die heiliges
wees.[n]

**HFST. 22**

a Han 10:25
b Jl 2:28
c Ps 29:2; Mt 4:10; Op 19:10
d Op 1:3
e Da 12:10
f 2Ti 3:13; Jud 10
g Ro 5:1
h Flp 3:16; 1Pe 1:15
i Jes 40:10
j Heb 11:6
k Ps 62:12; Spr 24:12; Jer 17:10; Ro 2:6
l Jes 44:6; Op 1:8; Op 21:6
m Jes 48:12
n 1Jo 1:7; Op 1:3
o Op 2:7
p Op 21:12
q De 23:18; Mt 7:6; Flp 3:2
r Ga 5:20
s Ef 5:5
t Kol 3:9; Op 21:8

**Tweede kol.**

a Jes 11:10; Op 5:5
b Jes 11:1; Jes 53:2; Jer 23:5; Jer 33:15; Ro 1:3
c Nu 24:17; Op 2:28
d Op 22:6
e Op 21:9
f Mt 11:28
g Joh 4:14
h Jes 55:1; Joh 7:37; Op 7:17; Op 21:6
i De 4:2; De 12:32; Spr 30:6; Joh 20:30; 2Ko 11:4; Ga 1:8; 1Jo 4:3

**j** 2Jo 9; Op 15:1; **k** Op 2:7; Op 22:2; **l** Op 21:2; **m** Op 3:11; Op 22:7; **n** Ro 16:20; 2Te 3:18.

# TABEL VAN DIE BYBELBOEKE

## Boeke van die Hebreeuse Geskrifte voor die Gewone (Christelike) Jaartelling

| Naam van boek | Skrywer(s) | Waar geskryf | Geskrif voltooi (v.G.J.) | Tydperk gedek (v.G.J.) |
|---|---|---|---|---|
| Genesis | Moses | Wildernis | 1513 | "In die begin" tot 1657 |
| Eksodus | Moses | Wildernis | 1512 | 1657-1512 |
| Levitikus | Moses | Wildernis | 1512 | 1 maand (1512) |
| Numeri | Moses | Wildernis en vlaktes van Moab | 1473 | 1512-1473 |
| Deuteronomium | Moses | Vlaktes van Moab | 1473 | 2 maande (1473) |
| Josua | Josua | Kanaän | ca. 1450 | 1473–ca. 1450 |
| Rigters | Samuel | Israel | ca. 1100 | ca. 1450–ca. 1120 |
| Rut | Samuel | Israel | ca. 1090 | 11 jaar van die Rigters se bewind |
| 1 Samuel | Samuel; Gad; Natan | Israel | ca. 1078 | ca. 1180-1078 |
| 2 Samuel | Gad; Natan | Israel | ca. 1040 | 1077–ca. 1040 |
| 1 Konings | Jeremia | { Juda en | { 1 rol | ca. 1040-580 |
| 2 Konings | Jeremia | Egipte | 580 | |
| 1 Kronieke | Esra | Jerusalem (?) | { 1 rol | { Ná 1 Kronieke 9:44: |
| 2 Kronieke | Esra | Jerusalem (?) | ca. 460 | 1077-537 |
| Esra | Esra | Jerusalem | ca. 460 | 537–ca. 467 |
| Nehemia | Nehemia | Jerusalem | n. 443 | 456–n. 443 |
| Ester | Mordegai | Susan, Elam | ca. 475 | 493–ca. 475 |
| Job | Moses | Wildernis | ca. 1473 | Meer as 140 jaar tussen 1657 en 1473 |
| Psalms | Dawid en ander | | ca. 460 | |
| Spreuke | Salomo; Agur; Lemuel | Jerusalem | ca. 717 | |
| Prediker | Salomo | Jerusalem | v. 1000 | |
| Hooglied van Salomo | Salomo | Jerusalem | ca. 1020 | |
| Jesaja | Jesaja | Jerusalem | n. 732 | ca. 778–n. 732 |
| Jeremia | Jeremia | Juda; Egipte | 580 | 647-580 |
| Klaagliedere | Jeremia | Naby Jerusalem | 607 | |
| Esegiël | Esegiël | Babilon | ca. 591 | 613–ca. 591 |
| Daniël | Daniël | Babilon | ca. 536 | 618–ca. 536 |
| Hosea | Hosea | Samaria (streek) | n. 745 | v. 804–n. 745 |
| Joël | Joël | Juda | ca. 820 (?) | |
| Amos | Amos | Juda | ca. 804 | |
| Obadja | Obadja | | ca. 607 | |
| Jona | Jona | | ca. 844 | |
| Miga | Miga | Juda | v. 717 | ca. 777-717 |
| Nahum | Nahum | Juda | v. 632 | |
| Habakuk | Habakuk | Juda | ca. 628 (?) | |
| Sefanja | Sefanja | Juda | v. 648 | |
| Haggai | Haggai | Herboude Jerusalem | 520 | 112 dae (520) |
| Sagaria | Sagaria | Herboude Jerusalem | 518 | 520-518 |
| Maleagi | Maleagi | Herboude Jerusalem | n. 443 | |

## Boeke van die Griekse Geskrifte, geskryf gedurende die Gewone (Christelike) Jaartelling

| Naam van boek | Skrywer | Waar geskryf | Geskrif voltooi (G.J.) | Tydperk gedek |
|---|---|---|---|---|
| Matteus | Matteus | Palestina | ca. 41 | 2 v.G.J.–33 G.J. |
| Markus | Markus | Rome | ca. 60-65 | 29-33 G.J. |
| Lukas | Lukas | Sesarea | ca. 56-58 | 3 v.G.J.–33 G.J. |
| Johannes | Apostel Johannes | In of naby Efese | ca. 98 | Ná inleiding, 29-33 G.J. |
| Handelinge | Lukas | Rome | ca. 61 | 33–ca. 61 G.J. |
| Romeine | Paulus | Korinte | ca. 56 | |
| 1 Korintiërs | Paulus | Efese | ca. 55 | |
| 2 Korintiërs | Paulus | Masedonië | ca. 55 | |
| Galasiërs | Paulus | Korinte of Siriese Antiogië | ca. 50-52 | |
| Efesiërs | Paulus | Rome | ca. 60-61 | |
| Filippense | Paulus | Rome | ca. 60-61 | |
| Kolossense | Paulus | Rome | ca. 60-61 | |
| 1 Tessalonisense | Paulus | Korinte | ca. 50 | |
| 2 Tessalonisense | Paulus | Korinte | ca. 51 | |
| 1 Timoteus | Paulus | Masedonië | ca. 61-64 | |
| 2 Timoteus | Paulus | Rome | ca. 65 | |
| Titus | Paulus | Masedonië (?) | ca. 61-64 | |
| Filemon | Paulus | Rome | ca. 60-61 | |
| Hebreërs | Paulus | Rome | ca. 61 | |
| Jakobus | Jakobus (Jesus se broer) | Jerusalem | v. 62 | |
| 1 Petrus | Petrus | Babilon | ca. 62-64 | |
| 2 Petrus | Petrus | Babilon (?) | ca. 64 | |
| 1 Johannes | Apostel Johannes | In of naby Efese | ca. 98 | |
| 2 Johannes | Apostel Johannes | In of naby Efese | ca. 98 | |
| 3 Johannes | Apostel Johannes | In of naby Efese | ca. 98 | |
| Judas | Judas (Jesus se broer) | Palestina (?) | ca. 65 | |
| Openbaring | Apostel Johannes | Patmos | ca. 96 | |

[Die name van die skrywers van party boeke en van die plekke waar hulle geskryf is, is onseker. Baie jaartalle gee die tyd net by benadering aan. Die simbool ca. beteken “circa” of “ongeveer”, n. “ná” en v. “voor”.]

---

MEERVOUDIGHEID

Waar dit nie duidelik is dat ’n werkwoord meervoudig gebruik word nie, word die meervoudigheid aangedui deur dit in hoofletters te druk.

[[ ]] Dubbelhakies dui invoegings in die oorspronklike teks aan.

# INDEKS VAN BYBELWOORDE

**Sien bladsy 6 vir afkortings van name van Bybelboeke.**

## A


**AANBEVEEL,** Ro 5:8 sy liefde by ons **a.**
Ro 16:1; 2Ko 3:1.
**AANBEVELINGSBRIEWE,** 2Ko 3:1 **a.** nodig?
**AANBID,** Ge 22:5 ek en die seun gaan **a.**
Eks 10:26 vee neem om Jehovah te **a.**
De 11:16 Let op dat julle nie ander gode **a.**
Da 3:6 elkeen wat nie neerval en **a.**
Lu 4:8 Jehovah jou God moet jy **a.**
Joh 4:20 plek waar **a.**, is in Jerusalem
Han 8:27 na Jerusalem gegaan om te **a.**
Han 17:4 Grieke wat God **a.** het
Han 19:27 Artemis deur bewoonde aarde **a.**
Op 7:11 engele het op gesig geval en **a.**
Op 9:20 sodat hulle nie die demone sou **a.**
Op 11:16 ouderlinge het God **a.**
Op 13:4 hulle het die draak **a.** omdat hy
Op 14:9 As iemand die wilde dier **a.**
Op 20:4 nie wilde dier of sy beeld **a.** het
Da 3:12; Mt 4:10; Op 13:15; 16:2.
**AANBIDDERS,** 2Kn 10:22 **a.** van Baäl
Joh 4:23 ware **a.** met gees sal aanbid
**AANBIDDING,** Han 25:19 **a.** van die godheid
Jak 1:27 Die vorm van **a.** wat rein is
Han 18:13; Kol 2:23.
**AANBIED,** Ro 6:13 julleself vir God **a.**
Ro 12:1 julle liggaam **a.** as 'n offerande
**AANBIEDINGSBRODE,** Mt 12:4; Lu 6:4.
**AANDAG,** 1Sa 15:22 **a.** skenk beter as
Mal 3:16 het **a.** bly skenk en geluister
Heb 2:1 **a.** skenk aan wat ons gehoor het
2Pe 1:19 doen goed deur **a.** te skenk
2Pe 3:5 ontgaan hierdie feit hulle **a.**, dat
Jes 21:7; 34:1; Jer 8:12; 51:18; 1Ti 1:4; 4:1.
**AANDETE,** Lu 14:12 **a.** gee, nie vriende roep
**AANDMAAL,** Mr 6:21 Herodes 'n **a.** gegee
1Ko 11:20 nie moontlik om Here se **a.** te eet
Op 19:9 Gelukkig dié wat na **a.** genooi
Op 19:17 kom bymekaar vir die **a.** van God
Lu 14:16; 22:20; Joh 13:4; 1Ko 11:21, 25.
**AANDMAALTYE,** Mt 23:6 vernaamste plek **a.**
**AANDRYF,** Rig 13:25 gees hom begin **a.**
Ef 4:23 krag wat julle verstand **a.**
**AANGEDUI,** 1Pe 1:11 die gees in hulle **a.** het
**AANGEHITS,** 1Kn 21:25 deur sy vrou Isebel **a.**
1Kr 21:1.
**AANGELEENTHEID,** Pr 3:1 'n tyd vir elke **a.**
Han 6:3; 15:6.
**AANGEMOEDIG,** 2Kr 35:2 in die diens **a.**
Han 14:22 **a.** om in geloof te bly
1Ko 14:31 almal kan leer en **a.** word
**AANGENAAM,** Ps 19:14 woorde **a.** word
Spr 2:10 kennis vir jou siel **a.** word
Spr 13:19 Vervulde begeerte is **a.** vir siel
Mal 3:4 offergawe vir Jehovah **a.**
Spr 26:25; 1Ti 2:3.
**AANGENEEM,** Flp 4:9 geleer sowel as **a.** het
2Te 2:10 nie die liefde vir die waarheid **a.**
**AANGERAAK,** Jes 6:7 Dit het jou lippe **a.**
Jer 1:9 Jehovah my mond **a.**, woorde gelê
Mt 8:3; 20:34.
**AANGESIG,** Eks 10:29 u **a.** nie weer sien
Eks 33:20 my **a.** nie sien nie
2Ko 4:6 deur die **a.** van Christus verlig
